# BOEK VAN MORMON

# LEER EN VERBONDE

# PÊREL VAN GROOT WAARDE

DIE

# BOEK VAN MORMON

Nog ʼn Testament van
Jesus Christus

---

DIE

# LEER EN VERBONDE

VAN DIE KERK VAN JESUS CHRISTUS
VAN DIE HEILIGES VAN DIE LAASTE DAE

---

DIE

# PÊREL VAN GROOT WAARDE

Gepubliseer deur
Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae
Salt Lake City, Utah, VSA

Stuur asseblief terugvoer of voorstelle aan
scriptures@ChurchofJesusChrist.org of pos aan
Scriptures Coordination, 50 East North Temple Street, 24th Floor,
Salt Lake City, UT 84150-3220 USA.

© 2018 by Intellectual Reserve, Inc.

All rights reserved.

Weergawe: 5/21

Vertaling van the Book of Mormon, Doctrine and Covenants, and Pearl of Great Price

Afrikaans

Printed in the United States of America 12/2023

# INHOUD


*Boek van Mormon*

Inleiding . . . vii
Getuienis van Drie Getuies . . . ix
Getuienis van Agt Getuies . . . ix
Getuienis van die Profeet Joseph Smith . . . xi
Kort Verduideliking . . . xvi
1 Nefi . . . 1
2 Nefi . . . 66
Jakob . . . 146
Enos . . . 168
Jarom . . . 171
Omni . . . 173
Woorde van Mormon . . . 177
Mosia . . . 179
Alma . . . 257
Helaman . . . 465
3 Nefi . . . 515
4 Nefi . . . 587
Mormon . . . 592
Ether . . . 616
Moroni . . . 656

*Leer en Verbonde*

Inleiding . . . v
Kronologiese Volgorde . . . x
Afdelings . . . 1
Amptelike Verklarings . . . 358

*Pêrel van Groot Waarde*

Inleiding . . . v
Moses . . . 1
Abraham . . . 35
Joseph Smith—Matthéüs . . . 53
Joseph Smith—Geskiedenis . . . 57
Geloofsartikels . . . 75

*Bylae*

Gids tot die Skrifture . . . 1
Kronologie . . . 235
Ooreenstemming van die Evangelies . . . 241
Joseph Smith-vertaling . . . 247
Bybelkaarte . . . 291
Bybelfoto's . . . 313
Kerkgeskiedeniskaarte . . . 347
Kerkgeskiedenisfoto's . . . 357

# AFKORTINGS

*Ou Testament*

| | |
|---|---|
| Gén. | Génesis |
| Ex. | Exodus |
| Lev. | Levítikus |
| Núm. | Númeri |
| Deut. | Deuteronómium |
| Jos. | Josua |
| Rigt. | Rigters |
| Rut | Rut |
| 1 Sam. | 1 Samuel |
| 2 Sam. | 2 Samuel |
| 1 Kon. | 1 Konings |
| 2 Kon. | 2 Konings |
| 1 Kron. | 1 Kronieke |
| 2 Kron. | 2 Kronieke |
| Esra | Esra |
| Neh. | Nehemía |
| Ester | Ester |
| Job | Job |
| Ps. | Psalms |
| Spr. | Spreuke van Salomo |
| Pred. | Prediker |
| Hoogl. | Hooglied van Salomo |
| Jes. | Jesaja |
| Jer. | Jeremia |
| Klaagl. | Klaagliedere van Jeremia |
| Eség. | Eségiël |
| Dan. | Daniël |
| Hos. | Hoséa |
| Joël | Joël |
| Amos | Amos |
| Obad. | Obadja |
| Jona | Jona |
| Miga | Miga |
| Nah. | Nahum |
| Háb. | Hábakuk |
| Sef. | Sefánja |
| Hag. | Haggai |
| Sag. | Sagaría |
| Mal. | Maleági |

*Nuwe Testament*

| | |
|---|---|
| Matt. | Matthéüs |
| Mark. | Markus |
| Lk. | Lukas |
| Joh. | Johannes |
| Hand. | Handelinge |
| Rom. | Romeine |
| 1 Kor. | 1 Korinthiërs |
| 2 Kor. | 2 Korinthiërs |
| Gal. | Galásiërs |
| Efés. | Efésiërs |
| Filip. | Filippense |
| Kol. | Kolossense |
| 1 Thes. | 1 Thessalonicense |
| 2 Thes. | 2 Thessalonicense |
| 1 Tim. | 1 Timótheüs |
| 2 Tim. | 2 Timótheüs |
| Tit. | Titus |
| Filém. | Filémon |
| Hebr. | Hebreërs |
| Jak. | Jakobus |
| 1 Petr. | 1 Petrus |
| 2 Petr. | 2 Petrus |
| 1 Joh. | 1 Johannes |
| 2 Joh. | 2 Johannes |
| 3 Joh. | 3 Johannes |
| Judas | Judas |
| Openb. | Openbaring |

*Boek van Mormon*

| | |
|---|---|
| 1 Ne. | 1 Nefi |
| 2 Ne. | 2 Nefi |
| Jakob | Jakob |
| Enos | Enos |
| Jarom | Jarom |
| Omni | Omni |
| WvM | Woorde van Mormon |
| Mosia | Mosia |
| Alma | Alma |
| Hel. | Helaman |
| 3 Ne. | 3 Nefi |
| 4 Ne. | 4 Nefi |
| Morm. | Mormon |
| Ether | Ether |
| Moro. | Moroni |

*Leer en Verbonde*

| | |
|---|---|
| L&V | Leer en Verbonde |
| AV | Amptelike Verklaring |

*Pêrel van Groot Waarde*

| | |
|---|---|
| Moses | Moses |
| Abr. | Abraham |
| JS—M | Joseph Smith—Matthéüs |
| JS—G | Joseph Smith—Geskiedenis |
| Gel. Art. | Geloofsartikels |

*Ander Afkortings en Verduidelikings*

| | |
|---|---|
| JSV | Joseph Smith-vertaling |
| GS | Gids tot die Skrifture |
| HEB | ’n Alternatiewe vertaling uit Hebreeus |
| GR | ’n Alternatiewe vertaling uit Grieks |
| DI | ’n Verduideliking van idiome en moeilike bewoording |
| OF | Alternatiewe woorde wat die betekenis van argaïese uitdrukkings verhelder |

DIE

# BOEK VAN MORMON

## Nog ’n Testament van Jesus Christus

Eerste Engelse uitgawe uitgegee in
Palmyra, New York, VSA, in 1830

DIE

# BOEK VAN MORMON

ʼN KRONIEK GESKRYF DEUR

## DIE HAND VAN MORMON

OP PLATE

GENEEM VAN DIE PLATE VAN NEFI

Daarom, dit is ʼn verkorting van die kroniek van die volk van Nefi, en ook van die Lamaniete—Geskryf aan die Lamaniete, wat ʼn oorblyfsel is van die huis van Israel; en ook aan Jood en nie-Jood—Geskryf by wyse van gebod, en ook deur die gees van profesie en van openbaring—Geskryf en verseël, en weggebêre vir die Here, dat hulle nie vernietig mag word nie—Om voort te kom deur die gawe en mag van God deur die vertaling daarvan—Verseël deur die hand van Moroni, en weggebêre vir die Here, om voort te kom op die gegewe tyd deur middel van die nie-Jood—Die vertaling daarvan deur die gawe van God.

ʼn Verkorting geneem van die Boek van Ether ook, wat ʼn kroniek is van die volk van Jered, wat verstrooi was in die tyd toe die Here die taal van die mense verwar het toe hulle ʼn toring gebou het om die hemel te bereik—Wat aan die oorblyfsel van die huis van Israel moet toon watter groot dinge die Here vir hulle vaders gedoen het; en dat hulle die verbonde van die Here mag ken, dat hulle nie vir ewig verwerp is nie—En ook tot die oortuiging van die Jood en nie-Jood dat Jesus die Christus is, die Ewige God, wat Homself openbaar aan alle nasies—En nou, as daar foute is, is hulle die foute van mense; daarom, moet nie die dinge van God veroordeel nie, sodat julle vlekkeloos bevind mag word voor die regterstoel van Christus.

OORSPRONKLIKE VERTALING VAN DIE PLATE IN ENGELS
DEUR JOSEPH SMITH, JR.

# INHOUD


Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . vii
Getuienis van Drie Getuies . . . . . . . . . . . . . . ix
Getuienis van Agt Getuies . . . . . . . . . . . . . . ix
Getuienis van die Profeet Joseph Smith . . . . . . . . . . xi
Kort Verduideliking . . . . . . . . . . . . . . . . xvi
1 Nefi . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1
2 Nefi . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 66
Jakob . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 146
Enos . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 168
Jarom . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 171
Omni . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 173
Woorde van Mormon . . . . . . . . . . . . . . . . 177
Mosia . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 179
Alma . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 257
Helaman . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 465
3 Nefi . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 515
4 Nefi . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 587
Mormon . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 592
Ether . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 616
Moroni . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 656

# INLEIDING

Die Boek van Mormon is ʼn boek van heilige skrifture wat vergelyk kan word met die Bybel. Dit is ʼn kroniek van God se handelinge met antieke inwoners van die Amerikas en bevat die volheid van die ewigdurende evangelie.

Die boek is geskryf deur baie antieke profete deur die gees van profesie en openbaring. Hulle woorde, geskryf op goue plate, is aangehaal en verkort deur ʼn profeet-geskiedskrywer genaamd Mormon. Die kroniek gee ʼn verslag van twee groot beskawings. Een het gekom van Jerusalem in 600 v.C. en het daarna verdeel in twee nasies, bekend as die Nefiete en die Lamaniete. Die ander het veel vroeër gekom toe die Here die tale by die Toring van Babel verwar het. Hierdie groep staan bekend as die Jerediete. Na duisende jare was almal vernietig, behalwe die Lamaniete, en hulle is onder die voorvaders van die Amerikaanse Indiane.

Die belangrikste gebeurtenis opgeteken in die Boek van Mormon is die persoonlike bediening van die Here Jesus Christus onder die Nefiete kort na sy opstanding. Dit sit die leerstellings van die evangelie uiteen, omskryf die heilsplan, en lig die mensdom in oor wat hulle moet doen om vrede in hierdie lewe te verkry en ewige heil in die lewe hierna.

Nadat Mormon sy geskrifte voltooi het, het hy sy kroniek aan sy seun, Moroni, oorhandig wat ʼn paar van sy eie woorde bygevoeg het en die plate weggebêre het in die Cumora-heuwel. Op 21 September 1823 het dieselfde Moroni, as ʼn verheerlikte, herrese wese, verskyn aan die Profeet Joseph Smith en hom onderrig oor die antieke kroniek en die bestemde vertaling in die Engelse taal.

Met verloop van tyd is die plate oorhandig aan Joseph Smith, wat hulle vertaal het deur die gawe en mag van God. Die kroniek word tans uitgegee in vele tale as ʼn nuwe en aanvullende getuienis dat Jesus Christus die Seun van die lewende God is en dat almal wat na Hom wil kom en die wette en ordinansies van sy evangelie gehoorsaam, gered mag word.

Betreffende hierdie kroniek het die Profeet Joseph Smith gesê: "Ek het aan die broers gesê dat die Boek van Mormon die mees korrekte van enige boek op aarde is, en die sluitsteen van ons geloof is, en ʼn mens sal nader aan God kom deur te hou by die beginsels daarin vervat, as deur enige ander boek."

Benewens Joseph Smith, het die Here elf ander voorsien om die goue plate te sien vir hulleself en om spesiale getuies te wees van die

waarheid en goddelikheid van die Boek van Mormon. Hulle geskrewe getuienisse word hierby ingesluit as "Die Getuienis van Drie Getuies" en "Die Getuienis van Agt Getuies."

Ons nooi alle mense uit van oralheen om die Boek van Mormon te lees, om in hulle harte die boodskap wat dit bevat te bepeins, en om dan God, die Ewige Vader, in die naam van Christus te vra of die boek waar is. Diegene wat hierdie raad volg en in geloof vra, sal 'n getuienis verkry van die waarheid en goddelikheid daarvan deur die mag van die Heilige Gees. (Sien Moroni 10:3–5.)

Diegene wat hierdie goddelike getuienis ontvang deur die Heilige Gees sal ook te wete kom deur dieselfde mag dat Jesus Christus die Saligmaker van die wêreld is, dat Joseph Smith sy openbaarder en profeet in hierdie laaste dae is, en dat die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae die Here se koninkryk is wat weer eens hervestig is op die aarde, ter voorbereiding van die Tweede Koms van die Messias.

## DIE GETUIENIS VAN DRIE GETUIES

Laat dit bekend wees aan alle nasies, stamme, tale, en volke, tot wie hierdie werk sal kom: Dat ons, deur die genade van God die Vader, en onse Here Jesus Christus, die plate gesien het wat hierdie kroniek bevat, wat ′n kroniek is van die volk van Nefi, en ook van die Lamaniete, hulle broers, en ook van die volk van Jered, wat gekom het van die toring waarvan gespreek is. En ons weet ook dat hulle vertaal is deur die gawe en mag van God, want sy stem het dit aan ons verklaar; daarom weet ons vir seker dat die werk waar is. En ons getuig ook dat ons die graveerwerk gesien het wat op die plate is; en hulle is aan ons getoon deur die mag van God, en nie van ′n mens nie. En ons verklaar met woorde van alle erns, dat ′n engel van God neergedaal het uit die hemel, en dat hy gebring en voor ons oë neergelê het, dat ons die plate gesien en aanskou het, en die graveerwerk daarop; en ons weet dat dit deur die genade van God die Vader, en ons Here Jesus Christus is, dat ons hierdie dinge aanskou het en lewer getuienis dat hierdie dinge waar is. En dit is wonderlik in ons oë. Nietemin, die stem van die Here het ons beveel dat ons daarvan getuienis moet lewer; daarom, om gehoorsaam te wees aan die gebooie van God, getuig ons van hierdie dinge. En ons weet dat as ons getrou is in Christus, ons ons kleding sal reinig van die bloed van alle mense, en vlekkeloos bevind sal word voor die regterstoel van Christus en ewig met Hom sal woon in die hemele. En die eer kom die Vader, en die Seun, en die Heilige Gees toe, wat een God is. Amen.

Oliver Cowdery
David Whitmer
Martin Harris

## DIE GETUIENIS VAN AGT GETUIES

Laat dit bekend wees aan alle nasies, stamme, tale, en volke, tot wie hierdie werk sal kom: Dat Joseph Smith, Jr., die vertaler van hierdie werk, die plate aan ons getoon het waarvan gespreek is, wat die voorkoms van goud het; en soveel van al die blaaie wat voornoemde Smith vertaal het, het ons hanteer met ons eie hande; en ons het ook die graveerwerk daarop gesien, wat alles die voorkoms het van antieke

werk en sonderlinge vakmanskap. En dit getuig ons in alle erns, dat voornoemde Smith hulle aan ons getoon het, want ons het hulle gesien en opgetel en weet vir seker dat voornoemde Smith die plate het waarvan ons gespreek het. En ons maak ons name wêreldkundig, om aan die wêreld te getuig van dit wat ons gesien het. En ons lieg nie, want God getuig daarvan.

| | |
|---|---|
| Christian Whitmer | Hiram Page |
| Jacob Whitmer | Joseph Smith, Snr. |
| Peter Whitmer, Jr. | Hyrum Smith |
| John Whitmer | Samuel H. Smith |

# DIE GETUIENIS VAN DIE PROFEET JOSEPH SMITH

Die Profeet Joseph Smith se eie woorde oor die verskyning van die Boek van Mormon lui as volg:

"Op die aand van die . . . een en twintigste September [1823] . . . het ek myself in gebed en smekinge bevind tot Almagtige God. . . .

"Terwyl ek op dié wyse besig was om God aan te roep, het ek bewus geword van 'n lig wat in my kamer verskyn, wat aangehou het om helderder te word totdat die kamer helderder was as op die middaguur, toe 'n persoon onmiddellik langs my bed verskyn, en in die lug gestaan het, want sy voete het nie die vloer geraak nie.

"Hy het 'n los kleed van onoortrefbare witheid aangehad. Dit was 'n witheid bó enigiets aards wat ek ooit gesien het; nóg glo ek dat enige aardse ding só onoortrefbaar wit en helder gemaak kon word. Sy hande was ontbloot, en sy arms ook 'n bietjie bo die gewrig; so, ook, was sy voete ontbloot, net so sy bene, 'n bietjie bo die enkels. Sy hoof en nek was ook onbedek. Ek kon ook waarneem dat hy geen ander kleding aangehad het nie behalwe hierdie kleed, aangesien dit oop was, sodat ek by sy boesem kon insien.

"Nie net was sy kleed uitermate wit nie, maar sy hele liggaam was onbeskryflik glansryk, en sy gelaat waarlik soos die weerlig. Die kamer was uitermate lig, maar nie so baie helder as onmiddellik rondom sy liggaam nie. Toe ek eers na hom gekyk het, was ek bevrees; maar die vrees het my spoedig verlaat.

"Hy het my by die naam genoem en vir my gesê dat hy 'n boodskapper was, vanuit die teenwoordigheid van God aan my gestuur, en dat sy naam Moroni is; dat God 'n werk vir my gehad het om te doen; en dat my naam ten goede en ten kwade bekend sal wees onder alle nasies, stamme en tale; of dat beide goed en kwaad van my naam gespreek sal word onder alle volke.

"Hy het gesê dat daar 'n boek weggebêre is, geskryf op goue plate, wat 'n kroniek gee van die voormalige inwoners van hierdie kontinent, en die bron is waaruit hulle ontspring het. Hy het ook gesê dat die volheid van die ewigdurende Evangelie daarin vervat is, soos gespreek deur die Saligmaker aan die antieke inwoners;

"Ook, dat daar twee stene was in silwer boë—en hierdie stene, wat geheg was aan 'n borsplaat, het uitgemaak wat die Urim en Tummim genoem word—weggebêre saam met die plate; en die besit en gebruik van hierdie stene was wat 'sieners' uitgemaak het in antieke of vroeëre tye; en dat God hulle voorberei het vir die doel om die boek te vertaal. . . .

"Verder, hy het vir my vertel, dat wanneer ek daardie plate gekry het waarvan hy gespreek het—want die tyd wanneer hulle verkry sou word was nog nie vervul nie—mag ek hulle nie aan enigeen wys nie; nóg die borsplaat met die Urim en Tummim; slegs aan diegene aan wie ek gebied sou word om hulle te wys; indien ek dit doen, sal ek vernietig word. Terwyl hy met my gesprek gevoer het aangaande die plate, is die visioen aan my verstand geopen sodat ek die plek kon sien waar die plate weggebêre was, en dit was so helder en duidelik dat ek die plek weer geken het toe ek dit besoek het.

"Na hierdie mededeling, het ek die lig in die kamer gesien wat onmiddellik begin het om saam te trek rondom die persoon van hóm wat met my gespreek het, en dit het voortgeduur om so te doen totdat die kamer weer donker gelaat is, behalwe net rondom hom; toe ek oombliklik, as't ware 'n gang sien oopmaak reguit na die hemel, en hy het opgevaar totdat hy heeltemal verdwyn het, en die kamer is gelaat soos dit was voor hierdie hemelse lig sy verskyning gemaak het.

"Ek het gelê en peins oor die eienaardigheid van die toneel, en grootliks verwonder oor wat aan my vertel is deur hierdie buitengewone boodskapper; toe, te midde van my bepeinsing, het ek skielik bewus geword dat my kamer weer verlig word, en in 'n oomblik, as't ware, was dieselfde hemelse boodskapper weer langs my bed.

"Hy het begin, en weer presies dieselfde dinge meegedeel wat hy gedoen het tydens sy eerste besoek, sonder die minste afwyking; nadat hy dit gedoen het, het hy my vertel van die groot oordele wat oor die aarde kom, met groot verlatenheid deur hongersnood, die swaard en pestilensie; en dat hierdie sware oordele oor die aarde sou kom in hierdie geslag. Nadat hy hierdie dinge meegedeel het, het hy weer opgevaar soos hy voorheen gedoen het.

"Só diep was die indrukke op my verstand gemaak teen hierdie tyd, dat die slaap gevlug het van my oë, en ek het gelê, oorweldig deur verbasing oor wat ek beide gesien en gehoor het. Maar wat was my verbasing toe ek weer dieselfde boodskapper langs my bed aanskou, en hom weer hoor dieselfde dinge soos tevore aan my oorvertel of herhaal; en het 'n vermaning bygevoeg, en gesê dat Satan sal probeer om my te versoek (as gevolg van die armoedige omstandighede van my vader se familie), om die plate te bekom vir die doel om ryk te word. Dit het hy my verbied en gesê dat ek geen ander oogmerk in gedagte moet hê om die plate te verkry nie, buiten om God te verheerlik, en moet nie beïnvloed word deur enige ander motief as om sy koninkryk te bou nie; andersins kon ek hulle nie kry nie.

"Na hierdie derde besoek het hy weer opgevaar na die hemel soos

voorheen, en ek was weer gelaat om te peins oor die eienaardigheid van wat ek so pas ervaar het; toe, onmiddellik nadat die hemelse boodskapper van my opgevaar het vir die derde keer, het die haan gekraai, en ek het bemerk dat die dag in aantog was sodat ons besprekings daardie hele nag moes beslaan het.

"Kort daarna, het ek uit my bed opgestaan, en, soos gewoonlik, na die noodsaaklike arbeid van die dag gegaan; maar in ′n poging om soos ander kere te werk, het ek besef dat my krag só uitgeput was dat ek geheel en al nie in staat was nie. My vader, wat saam met my gearbei het, het ontdek dat iets met my skort, en vir my gesê om huis toe te gaan. Ek het begin met die bedoeling om na die huis te gaan; maar, terwyl ek probeer het om oor die heining uit die veld waar ons was, te klim, het my krag my heeltemal gefaal, en ek het hulpeloos op die grond geval, en vir ′n tydperk was ek geheel en al onbewus van enigiets.

"Die eerste ding wat ek kan onthou, was ′n stem wat met my praat, en my op die naam genoem het. Ek het opgekyk en dieselfde boodskapper bo my kop sien staan, omring deur lig soos voorheen. Hy het toe weer aan my alles vertel wat hy die vorige aand aan my vertel het, en my gebied om na my vader te gaan en hom te vertel van die visioen en gebooie wat ek ontvang het.

"Ek het gehoorsaam; ek het na my vader teruggekeer in die veld en die hele saak aan hom meegedeel. Hy het my geantwoord dat dit van God was, en vir my gesê om te gaan doen soos gebied deur die boodskapper. Ek het die veld verlaat en na die plek gegaan waar die boodskapper vir my gesê het waar die plate weggebêre was; en as gevolg van die helderheid van die visioen wat ek daaroor gehad het, het ek die plek herken die oomblik toe ek daar aankom.

"Naby die dorp Manchester, Ontario-distrik, New York, is daar ′n heuwel van aansienlike grootte, en die hoogste van enige in die omgewing. Aan die westekant van hierdie heuwel, nie ver van bo nie, onder ′n klip van aansienlike grootte, lê die plate, weggebêre in ′n klipkis. Hierdie klip was dik en rond in die middel aan die bokant, en dunner na die kante, sodat die middelste gedeelte sigbaar was bo die grond, maar die kante reg rondom was bedek met grond.

"Nadat ek die grond verwyder het, het ek ′n hefboom verkry wat ek onder die rand van die klip geplaas het, en met ′n bietjie inspanning dit opgelig. Ek het binne-in gekyk en daar het ek inderdaad die plate gesien, die Urim en Tummim en die borsplaat, soos gemeld deur die boodskapper. Die kis waarin hulle gelê het, is gevorm deur klippe teen mekaar in ′n soort sement te lê. In die bodem van die kis was

twee klippe dwars in die kis gelê en op hierdie klippe het die plate en ander dinge saam met hulle gelê.

"Ek het 'n poging aangewend om hulle uit te haal, maar is verbied deur die boodskapper, en is weer ingelig dat die tyd om hulle voort te bring nog nie aangebreek het nie, nóg sou dit, tot vier jaar van daardie tyd af; maar hy het vir my gesê dat ek na daardie plek moes kom presies een jaar vanaf daardie tyd en dat hy my daar sou ontmoet en dat ek so moes aanhou totdat die tyd sou aanbreek vir die verkryging van die plate.

"Ooreenkomstig ek gebied is, het ek aan die einde van elke jaar gegaan en elke keer het ek dieselfde boodskapper daar gevind en het onderrig en inligting van hom ontvang tydens elkeen van ons besprekings, ten opsigte van wat die Here sou doen, en hoe en op watter wyse sy koninkryk in die laaste dae bestuur moes word. . . .

"Uiteindelik het die tyd aangebreek om die plate te verkry, die Urim en Tummim en die borsplaat. Op die twee en twintigste dag van September, eenduisend agt honderd sewe en twintig, nadat ek soos gebruiklik aan die einde van nog 'n jaar na die plek gegaan het waar hulle weggebêre was, het dieselfde boodskapper hulle aan my oorhandig met hierdie opdrag: dat ek vir hulle verantwoordelik sou wees; dat indien ek hulle agterlosig sou laat gaan, of deur enige nalatigheid van my, ek afgesny sou word, maar indien ek alle pogings sou aanwend om hulle te bewaar, totdat hy, die boodskapper, sou kom om hulle te haal, hulle beskerm sou wees.

"Ek het spoedig die rede uitgevind waarom ek sulke streng bevele gekry het om hulle veilig te hou, en waarom dit was dat die boodskapper gesê dat wanneer ek gedoen het wat van my vereis was van my hand, hy hulle sou kom haal. Skaars was dit bekend dat ek hulle gehad het, of die uiterste pogings is aangewend om hulle van my te neem. Elke plan wat bedink kon word is vir daardie doel gebruik. Die vervolging het bitterder en erger as vantevore geword, en skares was voortdurend op die uitkyk om hulle van my te neem indien moontlik. Maar deur die wysheid van God het hulle veilig gebly in my hande, totdat ek volbring het dít wat van my hand vereis was. Toe, ooreenkomstig die reëlings, het die boodskapper hulle kom haal, en ek het hulle aan hom oorhandig; en hy het hulle in bewaring geneem tot vandag toe; en hy het hulle in sy bewaring tot hierdie dag, synde die tweede dag van Mei, eenduisend agthonderd agt en dertig."

Vir 'n meer volledige verslag sien Joseph Smith—Geskiedenis in Die Pêrel van Groot Waarde.

Die antieke kroniek wat aldus voortgebring is uit die aarde, soos

die stem van ’n volk wat spreek uit die stof, en vertaal is in hedendaagse taal deur die gawe en mag van God, soos betuig deur Goddelike bevestiging, is vir die eerste keer aan die wêreld bekendgestel in Engels in die jaar 1830 as THE BOOK OF MORMON.

# ’N KORT VERDUIDELIKING VAN DIE BOEK VAN MORMON

Die Boek van Mormon is ’n heilige kroniek van volke in antieke Amerika en is gegraveer op metaalplate. Bronne waaruit die verslag saamgestel is, sluit die volgende in:

1. *Die Plate van Nefi,* wat uit twee soorte bestaan het: die klein plate en die groot plate. Eersgenoemde is hoofsaaklik gewy aan geestelike sake en die bediening en leringe van die profete, terwyl laasgenoemde merendeels die wêreldse geskiedenis van die betrokke volke bevat (1 Nefi 9:2–4). Vanaf die tyd van Mosia, egter, het die groot plate ook sake van besondere geestelike belang bevat.
2. *Die Plate van Mormon,* wat bestaan uit ’n verkorting wat deur Mormon gemaak is van die groot plate van Nefi, met baie opmerkings. Hierdie plate het ook ’n voortsetting bevat van die geskiedenis deur Mormon en byvoegings deur sy seun Moroni.
3. *Die Plate van Ether,* wat ’n geskiedenis bevat van die Jerediete. Hierdie kroniek is verkort deur Moroni, wat sy eie opmerkings ingevoeg het en die kronieke verenig het met die algemene geskiedenis onder die titel “Boek van Ether.”
4. *Die Plate van Brons* gebring deur die volk van Lehi van Jerusalem in 600 v.C. Hierdie het die “vyf boeke van Moses bevat, . . . en ook ’n kroniek van die Jode van die begin af, . . . tot die aanvang van die heerskappy van Sedekía, Koning van Juda; en ook die profesieë van die heilige profete” (1 Nefi 5:11–13). Baie aanhalings van hierdie plate, wat Jesaja en ander Bybelse en nie-Bybelse profete aanhaal, verskyn in die Boek van Mormon.

Die Boek van Mormon bevat vyftien hoofdele of afdelings, wat met een uitsondering as boeke bekend staan, en wat gewoonlik aangedui word onder die naam van hulle hoofskrywer. Die eerste gedeelte (die eerste ses boeke, wat eindig met Omni) is ’n vertaling van die klein plate van Nefi. Tussen die boeke van Omni en Mosia is ’n invoeging getiteld die Woorde van Mormon. Hierdie invoeging verbind die verslag, gegraveer op die klein plate, met Mormon se verkorting van die groot plate.

Die langste gedeelte, vanaf Mosia tot Mormon hoofstuk 7, is ’n vertaling van Mormon se verkorting van die groot plate van Nefi. Die laaste gedeelte, van Mormon hoofstuk 8 tot die einde van die volume,

is gegraveer deur Mormon se seun Moroni wat, na voltooiing van die verslag van sy vader se lewe, ′n verkorting gemaak het van die Jerediete se kroniek (as die boek van Ether) en het later dié dele bygevoeg wat bekend staan as die boek van Moroni.

In of omstreeks die jaar 421 n.C. het Moroni, die laaste van die Nefitiese profeet-geskiedskrywers, die heilige kroniek verseël en dit weggebêre vir die Here, om voortgebring te word in die laaste dae, soos voorspel deur die stem van God deur sy antieke profete. In 1823 n.C. het dieselfde Moroni, toe ′n herrese persoon, die Profeet Joseph Smith besoek en mettertyd die gegraveerde plate aan hom oorhandig.

*Omtrent hierdie uitgawe:* Die oorspronklike titelblad, wat die inhoudsopgawe direk voorafgaan, is geneem van die plate en is deel van die heilige skrif. Inleidings in ′n nie-kursiewe lettertipe, soos in 1 Nefi en direk voorafgaande tot Mosia hoofstuk 9, is ook deel van die heilige skrif. Inleidings in kursief, soos in die hoofstuk opskrifte, is nie oorspronklik tot die teks nie maar is studie-hulpmiddels ingesluit vir leesgemak.

Sommige geringe foute in die teks is voortgesit in vorige uitgawes van die Boek van Mormon in Engels gepubliseer. Hierdie uitgawe bevat korreksies wat gepas geag is om die materiaal in ooreenstemming te bring met voor-publisering manuskripte en vroeë uitgawes geredigeer deur die Profeet Joseph Smith.

# DIE EERSTE BOEK VAN NEFI

## SY HEERSKAPPY EN BEDIENING

ʼn Kroniek van Lehi en sy vrou Saria, en sy vier seuns, wat genoem is, (beginnende by die oudste) Laman, Lemuel, Sam, en Nefi. Die Here waarsku Lehi om te vertrek uit die land Jerusalem, omdat hy profeteer tot die volk aangaande hul ongeregtigheid en hulle soek om sy lewe te vernietig. Hy onderneem ʼn reis van drie dae die wildernis binne met sy gesin. Nefi neem sy broers en keer terug na die land Jerusalem om die kronieke van die Jode in die hande te kry. Die kroniek van hul verdrukkinge. Hulle neem die dogters van Ismael tot vrou. Hulle neem hul gesinne en trek die wildernis binne. Hul ontberinge en verdrukkinge in die wildernis. Die roete van hulle reise. Hulle kom by die groot waters aan. Nefi se broers rebelleer teen hom. Hy beskaam hulle en bou ʼn skip. Hulle noem die naam van die plek Oorvloed. Hulle seil oor die groot waters na die beloofde land, ensovoorts. Dit is volgens die kroniek van Nefi; of, met ander woorde, ek, Nefi, het hierdie kroniek geskrywe.

### HOOFSTUK 1

*Nefi begin die kroniek van sy volk—Lehi sien in ʼn visioen ʼn kolom van vuur en lees uit ʼn boek van profesie—Hy loof God, voorspel die koms van die Messias, en profeteer aangaande die vernietiging van Jerusalem—Hy word vervolg deur die Jode. Ongeveer 600 v.C.*

EK, [a]Nefi, omdat ek gebore is
uit [b]eerbare [c]ouers, daarom is
ek in ʼn mate [d]onderrig in al die
geleerdheid van my vader; en om-
dat ek baie [e]verdrukkinge in die
loop van my dae gesien het, des-
nieteenstaande, omdat ek hoog
begunstig is deur die Here in al
my dae; ja, omdat ek ʼn groot ken-
nis gehad het van die goedheid en
[f]verborgenhede van God, daarom
stel ek ʼn [g]kroniek op van my han-
delinge in my dae.
2 Ja, ek stel ʼn kroniek op in die
[a]taal van my vader, wat bestaan
uit die geleerdheid van die Jode
en die taal van die Egiptenare.
3 En ek weet dat die kroniek wat
ek opstel, [a]waar is; en ek maak dit
met my eie hand; en ek maak dit
volgens my kennis.
4 Want dit het gebeur aan die be-
gin van die [a]eerste jaar van die
heerskappy van [b]Sedekía, koning

**1** 1*a* GS Nefi, Seun van Lehi.
*b* Spr. 22:1.
*c* L&V 68:25, 28. GS Ouers.
*d* Enos 1:1; Mosia 1:2–3. GS Onderrig, Onderwyser.
*e* GS Teenstand.
*f* GS Verborgenhede van God.
*g* GS Skrifture.
2*a* Mosia 1:2–4; Morm. 9:32–33.
3*a* 1 Ne. 14:30; Mosia 1:6; Ether 5:1–3; L&V 17:6.
4*a* 598 v.C.; sien Kronologie in die bylae.
*b* 2 Kron. 36:10; Jer. 52:3–5; Omni 1:15.

van Juda, (my vader, Lehi, het al
sy dae by [c]Jerusalem gewoon); in
daardie selfde jaar het daar baie
[d]profete gekom, wat profeteer tot
die volk dat hulle moet bekeer,
anders moet die grote stad [e]Jeru-
salem vernietig word.
5 Daarop het dit gebeur dat my
vader, [a]Lehi, terwyl hy verder
gaan, tot die Here gebid het, ja,
en wel met sy hele [b]hart, ten be-
hoewe van sy volk.
6 En dit het gebeur terwyl hy tot
die Here gebid het, kom daar ′n
[a]kolom van vuur en bly staan op
′n rots voor hom; en hy het baie
gesien en gehoor; en vanweë die
dinge wat hy gesien en gehoor
het, het hy uitermate gesidder en
gebeef.
7 En dit het gebeur dat hy te-
ruggekeer het na sy eie huis by
Jerusalem; en hy het homself
neergewerp op sy bed, omdat hy
[a]oorweldig was deur die Gees en
die dinge wat hy gesien het.
8 En terwyl hy so oorweldig was
deur die Gees, is hy weggevoer in
′n [a]visioen, en wel só dat hy die
[b]hemele geopend gesien het, en
hy het gemeen dat hy God op sy
troon sien sit, omring deur tallose
skares engele in ′n houding van
sang en lofbetuiging tot hulle God.
9 En dit het gebeur dat hy Een
sien neerdaal het uit die middel
van die hemel, en hy het gewaar
dat sy [a]glans meer was as dié van
die son op die middag.
10 En hy het ook [a]twaalf ander
Hom sien volg, en hulle helder-
heid het dié oortref van die sterre
aan die uitspansel.
11 En hulle het neergedaal en
heengegaan op die aangesig van
die aarde; en die eerste het ge-
kom, en gestaan voor my vader,
en aan hom ′n [a]boek gegee, en
hom beveel dat hy moes lees.
12 En dit het gebeur dat terwyl
hy lees, was hy vervul met die
[a]Gees van die Here.
13 En hy het gelees, en gesê:
Wee, wee Jerusalem, want ek het
jou [a]gruwels gesien! Ja, en baie
dinge het my vader gelees aan-
gaande [b]Jerusalem—dat dit ver-
woes sou word, en die inwoners
daarvan; baie sou omkom deur
die swaard, en baie sou [c]gevange
weggevoer word na Babilon.
14 En dit het gebeur dat nadat
my vader baie groot en wonder-
baarlike dinge gelees en gesien

---

4*c* 1 Kron. 9:3.
*d* 2 Kon. 17:13–15; 2 Kron. 36:15–16; Jer. 7:25–26. GS Profeet.
*e* Jer. 26:18; 2 Ne. 1:4; Hel. 8:20.
5*a* GS Lehi, Vader van Nefi.
*b* Jak. 5:16.
6*a* Ex. 13:21; Hel. 5:24, 43; L&V 29:12; JS—G 1:16.
7*a* Dan. 10:8; 1 Ne. 17:47; Moses 1:9–10; JS—G 1:20.
8*a* 1 Ne. 5:4. GS Visioen.
*b* Eség. 1:1; Hand. 7:55–56; 1 Ne. 11:14; Hel. 5:45–49; L&V 137:1.
9*a* JS—G 1:16–17.
10*a* GS Apostel.
11*a* Eség. 2:9.
12*a* L&V 6:15.
13*a* 2 Kon. 24:18–20; 2 Kron. 36:14.
*b* 2 Kon. 23:27; 24:2; Jer. 13:13–14; 2 Ne. 1:4.
*c* 2 Kon. 20:17–18; 2 Ne. 25:10; Omni 1:15.

het, hy baie dinge tot die Here uit-
geroep het; soos: Groot en won-
derlik is u werke, o Here God
Almagtig! U troon is hoog in die
hemele, en u mag, en goedheid,
en barmhartighede is oor al die
inwoners van die aarde; en, om-
dat U barmhartig is, sal U nie
toelaat dat diegene wat na U toe
[a]kom, sal vergaan nie!
15 En volgens hierdie wyse was
die taal van my vader in die vere-
ring van sy God; want sy siel het
gejubel, en sy hele hart was ge-
vul, vanweë die dinge wat hy ge-
sien het, ja, wat die Here aan hom
getoon het.
16 En nou stel ek, Nefi, nie ʼn
volledige kroniek op van die
dinge wat my vader geskryf het
nie, want hy het baie dinge ge-
skryf wat hy in visioene en in
drome gesien het; en hy het ook
baie dinge geskryf wat hy [a]gepro-
feteer en gespreek het met sy kin-
ders, waarvan ek nie ʼn volledige
kroniek sal opstel nie.
17 Maar ek sal ʼn kroniek op-
stel van my handelinge in my
dae. Kyk, ek maak ʼn [a]verkorting
van die kroniek van my vader, op
plate wat ek met my eie hande ge-
maak het; daarom, nadat ek die
[b]kroniek van my vader verkort
het, dan sal ek ʼn kroniek van my
eie lewe opstel.
18 Daarom wil ek hê dat julle
moet weet, dat nadat die Here
soveel wonderlike dinge aan my
vader, Lehi, getoon het, ja, aan-
gaande die [a]verwoesting van Je-
rusalem, kyk, hy het uitgegaan
onder die volk, en begin om te
[b]profeteer en om te verkondig
aan hulle aangaande die dinge
wat hy beide gesien en gehoor
het.
19 En dit het gebeur dat die
Jode hom [a]bespot het vanweë
die dinge wat hy van hulle ge-
tuig het; want hy het waarlik
getuig van hul boosheid en hul
gruwels; en hy het getuig dat die
dinge wat hy gesien en gehoor
het, en ook die dinge wat hy in
die boek gelees het, het duide-
lik die koms van ʼn [b]Messias ge-
openbaar, en ook die verlossing
van die wêreld.
20 En toe die Jode hierdie dinge
hoor, was hulle kwaad vir hom;
ja, net soos met die profete van
ouds, vir wie hulle [a]uitgewerp,
en gestenig, en doodgemaak het;
en hulle het ook sy lewe gesoek,
om dit te neem. Maar kyk, ek,
Nefi, sal aan julle toon dat die tere
[b]barmhartighede van die Here
oor al diegene is wat Hy gekies
het, vanweë hul geloof, om hulle
magtig te maak selfs tot die mag
van verlossing.

14*a* Alma 5:33–36;
3 Ne. 9:14.
16*a* 1 Ne. 7:1.
17*a* 1 Ne. 9:2–5.
*b* 1 Ne. 6:1–3; 19:1–6;
2 Ne. 5:29–33;
L&V 10:38–46.
18*a* 2 Ne. 25:9–10;
L&V 5:20.
*b* GS Profesie, Profeteer.
19*a* 2 Kron. 36:15–16;
Jer. 25:4;
1 Ne. 2:13; 7:14.
*b* GS Messias.
20*a* Hel. 13:24–26.
*b* Alma 34:38;
L&V 46:15.
GS Barmhartig,
Barmhartigheid.

## HOOFSTUK 2

*Lehi neem sy gesin die wildernis binne by die Rooi See—Hulle laat hul besittings agter—Lehi offer ʼn offerande aan die Here en leer sy seuns om die gebooie te onderhou—Laman en Lemuel murmureer teen hul vader—Nefi is gehoorsaam en bid in geloof; die Here spreek met hom, en hy word gekies om te heers oor sy broers. Ongeveer 600 v.C.*

WANT kyk, dit het gebeur dat die
Here met my vader gespreek het,
ja, en wel in ʼn droom, en vir hom
gesê het: Geseënd is jy, Lehi, van-
weë die dinge wat jy gedoen het;
en omdat jy getrou was en aan
hierdie volk die dinge verkondig
het wat Ek jou gebied het, kyk,
hulle soek om jou lewe te [a]neem.
2 En dit het gebeur dat die Here
my vader [a]gebied het, en wel in
ʼn [b]droom, dat hy sy gesin moes
[c]neem en die wildernis intrek.
3 En dit het gebeur dat hy [a]ge-
hoorsaam was aan die woord van
die Here, daarom het hy gedoen
soos die Here hom gebied het.
4 En dit het gebeur dat hy die
wildernis ingetrek het. En hy het
sy huis verlaat, en die land van
sy erfenis, en sy goud, en sy sil-
wer, en sy kosbare dinge, en het
niks met hom saamgeneem nie,
behalwe sy gesin, en voorrade,
en tente, en het die wildernis [a]in-
getrek.
5 En hy het onder by die grense
naby die kus van die [a]Rooi See
aangekom; en hy het die wilder-
nis ingetrek by die grense wat na-
der is aan die Rooi See; en hy het
in die wildernis gereis met sy ge-
sin, wat bestaan het uit my moe-
der, Saria, en my ouer broers, wat
[b]Laman, Lemuel en Sam was.
6 En dit het gebeur dat toe hy
drie dae in die wildernis gereis
het, hy sy tent opgeslaan het in
ʼn [a]vallei aan die oewer van ʼn ri-
vier van water.
7 En dit het gebeur dat hy ʼn
[a]altaar van [b]klippe gebou het, en
ʼn offerande gebring het aan die
Here, en [c]dank betuig het teenoor
die Here onse God.
8 En dit het gebeur dat hy die
naam van die rivier Laman ge-
noem het, en dit het uitgeloop in
die Rooi See; en die vallei was
binne die grense naby die mon-
ding daarvan.
9 En toe my vader sien dat die
waters van die rivier uitloop in
die fontein van die Rooi See, het
hy met Laman gespreek, en gesê:
O dat jy soos hierdie rivier mag
wees, wat voortdurend invloei
in die fontein van alle regverdig-
heid!
10 En hy het ook met Lemuel

---

**2** 1*a* 1 Ne. 7:14.
2*a* 1 Ne. 5:8; 17:44.
*b* GS Droom.
*c* Gén. 12:1; 2 Ne. 10:20; Ether 1:42; Abr. 2:3.
3*a* GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
4*a* 1 Ne. 10:4; 19:8.
5*a* 1 Ne. 16:14; L&V 17:1.
*b* GS Laman.
6*a* 1 Ne. 9:1.
7*a* Gén. 12:7–8; Ex. 24:4; Abr. 2:17.
*b* Ex. 20:25; Deut. 27:5–6.
*c* GS Dank, Dankbaar, Danksegging.

gespreek: O dat jy mag wees soos hierdie vallei, ferm en standvastig, en onbeweeglik in die onderhouding van die gebooie van die Here!

11 Nou dit het hy gespreek vanweë die hardnekkigheid van Laman en Lemuel; want kyk, hulle het [a]gemurmureer in baie dinge teen hulle [b]vader, omdat hy 'n man was wat [c]visioene gesien het, en hulle uitgelei het uit die land Jerusalem, om die land van hulle erfenis te verlaat, en hulle goud, en hulle silwer, en hulle kosbare dinge, om om te kom in die wildernis. En dit het hulle gesê het hy gedoen vanweë die dwase inbeeldinge van sy hart.

12 En so het Laman en Lemuel, as die oudstes, teen hulle vader gemurmureer. En hulle het gemurmureer omdat hulle nie die handelswyse van daardie God [a]geken het wat hulle geskape het nie.

13 Nóg het hulle geglo dat Jerusalem, daardie grote stad, [a]verwoes kon word volgens die woorde van die profete. En hulle was soos die Jode, wat by Jerusalem was, wat gesoek het om my vader se lewe te neem.

14 En dit het gebeur dat my vader met [a]krag met hulle gespreek het in die vallei van Lemuel, omdat hy vervul was met die Gees, totdat hulle liggame [b]gebewe het voor hom. En hy het hulle beskaam, sodat hulle nie teen hom durf uiter nie; daarom het hulle gedoen soos hy hulle beveel het.

15 En my vader het in 'n tent gewoon.

16 En dit het gebeur dat ek, Nefi, aangesien ek baie jonk was, en desnieteenstaande groot van gestalte was, en ook omdat ek brandende begeertes gehad het om die [a]verborgenhede van God te ken, daarom het ek tot die Here geroep; en kyk, Hy het my [b]besoek, en het my hart [c]versag, sodat ek al die woorde [d]geglo het wat gespreek was deur my [e]vader; daarom het ek nie teen hom gerebelleer soos my broers nie.

17 En ek het met Sam gespreek, en aan hom die dinge bekend gemaak wat die Here aan my geopenbaar het deur sy Heilige Gees. En dit het gebeur dat hy in my woorde geglo het.

18 Maar kyk, Laman en Lemuel wou nie ag slaan op my woorde nie; en omdat ek [a]bedroef was weens die hardheid van hulle harte, het ek tot die Here om hulle ontwil geroep.

19 En dit het gebeur dat die Here met my gespreek, en gesê het: Geseënd is jy, Nefi, vanweë

11*a* 1 Ne. 17:17.
GS Murmureer.
*b* Spr. 20:20.
*c* 1 Ne. 5:2–4.
12*a* Moses 4:6.
13*a* Jer. 13:14;
1 Ne. 1:13.
14*a* GS Krag.
*b* 1 Ne. 17:45.
16*a* GS Verborgenhede
van God.
*b* Ps. 8:5;
Alma 17:10;
L&V 5:16.
GS Openbaring.
*c* 1 Kon. 18:37;
Alma 5:7.
*d* 1 Ne. 11:5.
*e* GS Profeet;
Vader, Sterflike.
18*a* Alma 31:24;
3 Ne. 7:16.

jou [a]geloof, want jy het My getrou
gesoek, met nederigheid van hart.
20 En in soverre jy my gebooie
sal onderhou, sal jy [a]voorspoedig
wees, en sal gelei word na ′n [b]land
van belofte; ja, en wel ′n land wat
Ek berei het vir jou; ja, ′n land wat
uitverkore is bo alle ander lande.
21 En in soverre jou broers teen
jou sal rebelleer, sal hulle [a]afgesny
word van die teenwoordigheid
van die Here.
22 En in soverre jy my gebooie
onderhou, sal jy ′n [a]heerser en
′n leraar oor jou broers gemaak
word.
23 Want kyk, in daardie dag
wanneer hulle teen My sal rebelleer,
sal Ek hulle [a]vervloek, en
wel met ′n swaar vervloeking, en
hulle sal geen mag hê oor jou saad
nie, behalwe as hulle ook teen My
sal rebelleer.
24 En as dit so is dat hulle teen
My rebelleer, sal hulle ′n [a]gésel
wees vir jou saad, om hulle [b]aan
te spoor tot die weë van herinnering.

## HOOFSTUK 3

*Lehi se seuns keer terug na Jerusalem om die plate van brons te verkry—Laban weier om die plate te oorhandig—Nefi spoor sy broers aan en bemoedig hulle—Laban steel hulle eiendom en poog om hulle dood te maak—Laman en Lemuel slaan Nefi en Sam en word vermaan deur ′n engel. Ongeveer 600–592 v.C.*

En dit het gebeur dat ek, Nefi, teruggekeer
het na die tent van my
vader nadat ek met die Here gespreek
het.
2 En dit het gebeur dat hy met
my gespreek, en gesê het: Kyk, ek
het ′n droom [a]gedroom, waarin
die Here my gebied het dat jy en
jou broers sal terugkeer na Jerusalem.
3 Want kyk, Laban het die kronieke
van die Jode en ook ′n [a]geslagsregister
van my voorvaders,
en hulle is gegraveer op plate van
brons.
4 Daarom, die Here het my gebied
dat jy en jou broers na die
huis van Laban moet gaan en die
kronieke bekom, en hulle hierheen
afbring in die wildernis.
5 En nou, kyk, jou broers murmureer,
en sê dat dit ′n moeilike
ding is wat ek van hulle verwag
het; maar kyk, ek het dit nie van
hulle vereis nie, maar dit is ′n gebod
van die Here.
6 Daarom gaan, my seun, en jy
sal begunstig word deur die Here,
omdat jy [a]nie gemurmureer het
nie.

19*a* 1 Ne. 7:12; 15:11.
20*a* Jos. 1:7; 1 Ne. 4:14; Mosia 1:7.
*b* Deut. 33:13–16; 1 Ne. 5:5; 7:13; Moses 7:17–18. GS Beloofde Land.
21*a* 2 Ne. 5:20–24; Alma 9:13–15; 38:1.
22*a* Gén. 37:8–11; 1 Ne. 3:29.
23*a* Deut. 11:28; 1 Ne. 12:22–23; L&V 41:1.
24*a* Jos. 23:13; Rigt. 2:22–23.
*b* 2 Ne. 5:25.
**3** 2*a* GS Droom.
3*a* 1 Ne. 5:14.
6*a* GS Onderskraging van Kerkleiers.

7 En dit het gebeur dat ek, Nefi,
aan my vader gesê het: Ek [a]sal
gaan en die dinge doen wat die
Here gebied het, want ek weet dat
die Here geen [b]gebooie gee aan
die kinders van mense nie, tensy
Hy ′n weg vir hulle sal [c]voorberei
dat hulle die ding mag uitvoer
wat Hy hulle gebied het.
8 En dit het gebeur dat toe my
vader hierdie woorde gehoor het,
was hy uitermate verheug, want
hy het geweet dat ek geseën was
deur die Here.
9 En ek, Nefi, en my broers, het
toe op reis gegaan in die wildernis,
met ons tente, om op te gaan
na die land Jerusalem.
10 En dit het gebeur dat toe ons
opgegaan het na die land Jerusalem,
het ek en my broers mekaar
geraadpleeg.
11 En ons het die [a]lot gewerp—
wie van ons moes ingaan na die
huis van Laban. En dit het gebeur
dat die lot op Laman geval het; en
Laman het ingegaan na die huis
van Laban, en hy het met hom gespreek
terwyl hy in sy huis gesit het.
12 En hy het van Laban die kronieke
gevra wat gegraveer was
op die plate van brons, wat die
[a]geslagsregister van my vader bevat
het.
13 En kyk, dit het gebeur dat
Laban kwaad was, en hom uit sy
teenwoordigheid uitgewerp het;
en hy wou nie hê dat hy die kronieke
moes besit nie. Daarom het
hy aan hom gesê: Kyk, jy is ′n rower,
en ek sal jou doodmaak.
14 Maar Laman het gevlug uit
sy teenwoordigheid, en die dinge
wat Laban gedoen het, vir ons
vertel. En ons het begin om uitermate
bedroef te word, en my
broers het op die punt gestaan om
terug te keer na my vader in die
wildernis.
15 Maar kyk ek het vir hulle
gesê dat: Sowaar as die Here leef
en soos ons lewe, ons sal nie afgaan
na ons vader in die wildernis
totdat ons die ding volbring
het wat die Here ons gebied het
nie.
16 Daarom, laat ons getrou wees
om die gebooie van die Here te
onderhou; daarom, laat ons afgaan
na die land van ons vader
se [a]erfenis, want kyk hy het goud
en silwer en allerhande rykdom
agtergelaat. En dit het hy alles gedoen
vanweë die [b]gebooie van die
Here.
17 Want hy het geweet dat Jerusalem
[a]verwoes moet word, vanweë
die boosheid van die volk.
18 Want kyk, hulle het die
woorde van die profete [a]verwerp.
Daarom, as my vader sou woon

7 *a* 1 Sam. 17:32; 1 Kon. 17:11–15. GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid; Geloof, Glo.
*b* GS Gebooie van God.
*c* Gén. 18:14; Filip. 4:13; 1 Ne. 17:3, 50; L&V 5:34.
11 *a* Neh. 10:34; Hand. 1:26.
12 *a* 1 Ne. 3:3; 5:14.
16 *a* 1 Ne. 2:4.
*b* 1 Ne. 2:2; 4:34.
17 *a* 2 Kron. 36:16–20; Jer. 39:1–9; 1 Ne. 1:13.
18 *a* GS Rebellie.

in die land nadat hy [b]gebied is om
te vlug uit die land, kyk, dan sou
hy ook omkom. Daarom moes hy
noodwendig vlug uit die land.
19 En kyk, dit is wysheid in God
dat ons hierdie [a]kronieke moes
verkry, sodat ons vir ons kinders
die taal van ons vaders kon be-
hou;
20 En ook dat ons vir hulle die
woorde kan [a]behou wat gespreek
is by monde van al die heilige
profete, wat aan hulle oorgelewer
is deur die Gees en die mag van
God, sedert die wêreld begin het,
en wel tot hierdie huidige tyd.
21 En dit het gebeur dat volgens
hierdie wyse van spraak ek my
broers oorreed het, dat hulle ge-
trou mag wees om die gebooie
van die Here te onderhou.
22 En dit het gebeur dat ons af-
gegaan het na die land van ons
erfenis, en ons het ons [a]goud by-
mekaar gemaak, en ons silwer, en
ons kosbare dinge.
23 En nadat ons hierdie dinge
bymekaargemaak het, het ons
weer opgegaan na die huis van
Laban.
24 En dit het gebeur dat ons
ingegaan het na Laban, en hom
versoek het dat hy aan ons die
kronieke sou gee wat gegraveer
was op die [a]plate van brons,
waarvoor ons aan hom ons goud
sou gee, en ons silwer, en al ons
kosbare dinge.
25 En dit het gebeur dat toe La-
ban ons besittings sien, en dat
dit besonder baie was, het hy dit
[a]begeer, in soverre dat hy ons uit-
gewerp het, en sy diensknegte ge-
stuur het om ons dood te maak,
sodat hy ons besittings kon kry.
26 En dit het gebeur dat ons
gevlug het voor die diensknegte
van Laban, en ons was verplig
om ons besittings agter te laat,
en dit het geval in die hande van
Laban.
27 En dit het gebeur dat ons die
wildernis binnegevlug het, en die
diensknegte van Laban het ons
nie ingehaal nie, en ons het ons
versteek in die holte van ʼn rots.
28 En dit het gebeur dat Laman
kwaad was vir my, en ook vir my
vader; en ook was Lemuel, want
hy het ag geslaan op die woorde
van Laman. Daarom het Laman
en Lemuel baie [a]harde woorde ge-
spreek met ons, hul jonger broers,
en hulle het ons geslaan en wel
met ʼn roede.
29 En dit het gebeur dat ter-
wyl hulle ons slaan met ʼn roede,
kyk, ʼn [a]engel van die Here het ge-
kom en voor hulle gestaan, en hy
het met hulle gespreek, en gesê:
Waarom slaan julle jul jonger
broer met ʼn roede? Weet julle nie
dat die Here hom gekies het om
ʼn [b]heerser oor julle te wees nie,
en dit vanweë julle ongeregtig-
hede? Kyk, julle sal weer opgaan

18*b* 1 Ne. 16:8.
19*a* Omni 1:17; Mosia 1:2–6.
20*a* GS Skrifture—Skrifture wat bewaar moet word.
22*a* 1 Ne. 2:4.
24*a* 1 Ne. 3:3.
25*a* GS Begeer.
28*a* 1 Ne. 17:17–18.
29*a* 1 Ne. 4:3; 7:10. GS Engele.
*b* 1 Ne. 2:22.

na Jerusalem, en die Here sal La-
ban uitlewer in julle hande.
30 En nadat die [a]engel met ons
gespreek het, het hy vertrek.
31 En nadat die engel vertrek
het, het Laman en Lemuel weer
begin [a]murmureer, en gesê: Hoe
is dit moontlik dat die Here Laban
sal uitlewer in ons hande? Kyk,
hy is ′n magtige man, en hy kan
vyftig gebied, ja, hy kan selfs vyf-
tig doodmaak; hoekom dan nie
vir ons nie?

## HOOFSTUK 4

*Nefi dood Laban op die Here se bevel en verkry dan die plate van brons deur strategie—Zoram kies om aan te sluit by Lehi se gesin in die wildernis. Ongeveer 600–592 v.C.*

EN dit het gebeur dat ek met my
broers gespreek het, en gesê het:
Laat ons weer opgaan na Jerusa-
lem, en laat ons [a]getrou wees om
die gebooie van die Here te on-
derhou; want kyk Hy is magtiger
as die hele aarde, waarom dan nie
[b]magtiger as Laban en sy vyftig,
ja, of selfs sy tienduisende nie?
2 Daarom, laat ons opgaan; laat
ons [a]sterk wees soos [b]Moses; want
hy het waarlik gespreek tot die
waters van die [c]Rooi See en hulle
het verdeel hiernatoe en daarna-
toe, en ons vaders het deurgekom
uit gevangenskap, op droë grond,
en die leërs van Farao het gevolg
en het verdrink in die waters van
die Rooi See.
3 Nou kyk, julle weet dat dit
waar is; en julle weet ook dat
′n [a]engel met julle gespreek het;
waarom twyfel julle? Laat ons op-
gaan; die Here is in staat om ons
te verlos, net soos ons vaders, en
om Laban te vernietig, net soos
die Egiptenare.
4 Nou, toe ek hierdie woorde
gespreek het, was hulle nog ver-
toornd, en het steeds aangehou
om te murmureer; desnieteen-
staande het hulle my gevolg tot-
dat ons aangekom het buite die
mure van Jerusalem.
5 En dit was nag; en ek het hulle
hul laat versteek buite die mure.
En nadat hulle hul versteek het,
het ek, Nefi, die stad binnegesluip
en gegaan na die huis van Laban.
6 En ek is [a]gelei deur die Gees,
sonder dat ek vooraf [b]geweet het
wat die dinge was wat ek moes
doen.
7 Nogtans het ek gegaan, en toe
ek naby die huis van Laban kom,
gewaar ek ′n man, en hy het op
die grond neergeval voor my,
want hy was dronk van wyn.
8 En toe ek by hom kom, ontdek
ek dat dit Laban was.
9 En ek het sy [a]swaard gewaar,
en ek het dit uitgetrek uit die
skede; en die hef daarvan was van

30*a* 1 Ne. 16:38.
31*a* GS Murmureer.
**4** 1*a* GS Geloof, Glo; Moed, Moedig.
*b* 1 Ne. 7:11–12.
2*a* Deut. 11:8.
*b* GS Moses.
*c* Ex. 14:21; 1 Ne. 17:26; Mosia 7:19.
3*a* 1 Ne. 3:29–31; 7:10.
6*a* GS Heilige Gees; Inspirasie, Inspireer.
*b* Hebr. 11:8.
9*a* 2 Ne. 5:14; L&V 17:1.

suiwer goud, en die vakmanskap
daarvan was uitermate goed, en
ek merk dat die lem daarvan van
die beste staal was.
10 En dit het gebeur dat ek [a]ge-
dwing was deur die Gees dat ek
Laban moes doodmaak; maar
ek het in my hart gesê: Nooit
te eniger tyd het ek ʼn mens se
bloed gestort nie. En ek het terug-
gedeins en wou dat ek hom nie
hoef dood te maak nie.
11 En die Gees het weer vir my
gesê: Kyk die [a]Here het hom uit-
gelewer in jou hande. Ja, en ek
het ook geweet dat hy gesoek het
om my eie lewe te neem; ja, en
hy wou nie ag slaan op die ge-
booie van die Here nie; en hy het
ook ons [b]besittings van ons af-
geneem.
12 En dit het gebeur dat die Gees
weer vir my gesê het: Maak hom
dood, want die Here het hom uit-
gelewer in jou hande;
13 Kyk die Here [a]maak die [b]god-
delose dood om sy regverdige
oogmerke te bereik. Dit is [c]beter
dat een man moet omkom as dat
ʼn nasie sou kwyn en vergaan in
ongeloof.
14 En nou, toe ek, Nefi, hier-
die woorde gehoor het, het ek
die woorde van die Here onthou
wat Hy met my in die wilder-
nis gespreek het, en gesê het dat:
[a]In soverre jou saad my [b]gebooie
onderhou, sal hulle [c]voorspoedig
wees in die [d]land van belofte.
15 Ja, en ek het ook gedink dat
hulle nie die gebooie van die Here
kon onderhou volgens die wet
van Moses nie, behalwe as hulle
die wet sou hê.
16 En ek het ook geweet dat die
[a]wet gegraveer was op die plate
van brons.
17 En verder, ek het geweet dat
die Here Laban uitgelewer het in
my hande om hierdie rede—dat
ek die kronieke mag verkry vol-
gens sy gebooie.
18 Daarom het ek die stem van
die Gees gehoorsaam, en vir La-
ban aan die hare van sy hoof ge-
neem, en ek het sy hoof afgekap
met sy eie [a]swaard.
19 En nadat ek sy hoof afgekap
het met sy eie swaard, het ek La-
ban se klere geneem en dit aan my
eie lyf gesit; ja, en wel elke stuk;
en ek het sy wapenrusting om my
lendene gegord.
20 En nadat ek dit gedoen het,
het ek na Laban se skatkamer ge-
gaan. En terwyl ek na Laban se
skatkamer gegaan het, kyk, het
ek die [a]dienskneg van Laban ge-
sien wat die sleutels van die skat-
kamer gehad het. En ek het hom
in die stem van Laban beveel dat
hy saam met my die skatkamer
moes binnegaan.
21 En hy het veronderstel dat ek

10*a* Alma 14:11.
11*a* 1 Sam. 17:41–49.
*b* 1 Ne. 3:26.
13*a* 1 Ne. 17:33–38; L&V 98:31–32.
*b* GS Boos, Boosheid.
*c* Alma 30:47.
14*a* Omni 1:6; Mosia 2:22; Ether 2:7–12.
*b* GS Gebooie van God.
*c* 1 Ne. 2:20.
*d* 1 Ne. 17:13–14; Jakob 2:12.
16*a* GS Wet van Moses.
18*a* 1 Sam. 17:51.
20*a* 2 Ne. 1:30.

sy meester, Laban, was, want hy het die klere gesien, en ook die swaard vasgegord om my lendene.

22 En hy het met my gespreek aangaande die oudstes van die Jode, hy wetende dat sy meester, Laban, uit was gedurende die nag onder hulle.

23 En ek het met hom gespreek asof dit Laban was.

24 En ek het ook met hom gespreek dat ek die graverings moes dra, wat op die [a]plate van brons was, na my ouer broers, wat buitekant die mure was.

25 En ek het hom ook beveel om my te volg.

26 En hy, veronderstellend dat ek gepraat het van die broers van die kerk, en dat ek waarlik daardie Laban was wat ek doodgemaak het, daarom het hy my gevolg.

27 En hy het baie keer met my gespreek aangaande die oudstes van die Jode, terwyl ek na my broers gegaan het, wat buite die mure was.

28 En dit het gebeur dat toe Laman my sien, was hy uitermate bevrees, en ook Lemuel en Sam. En hulle het gevlug van my teenwoordigheid; want hulle het veronderstel dat dit Laban was, en dat hy my doodgemaak het en gesoek het om ook hulle lewens te neem.

29 En dit het gebeur dat ek na hulle geroep het, en hulle het my gehoor; daarom het hulle opgehou om te vlug van my teenwoordigheid.

30 En dit het gebeur dat toe die dienskneg van Laban my broers sien, het hy begin bewe, en hy was op die punt om van my af te vlug, en terug te keer na die stad Jerusalem.

31 En nou, ek Nefi, omdat ek ŉ man van groot gestalte was, en wat ook baie [a]krag ontvang het van die Here, daarom het ek die dienskneg van Laban gegryp, en hom vasgehou sodat hy nie kon vlug nie.

32 En dit het gebeur dat ek met hom gespreek het, dat as hy sou ag slaan op my woorde, sowaar as die Here leef, en ek lewe, en wel sodat as hy sou ag slaan op ons woorde, ons sy lewe sou spaar.

33 En ek het met hom gespreek, en wel met ŉ [a]eed, dat hy nie hoef te vrees nie; dat hy ŉ vry man sou wees soos ons, as hy sou afgaan in die wildernis saam met ons.

34 En ek het ook met hom gespreek, en gesê: Waarlik, die Here het ons [a]gebied om hierdie ding te doen; en sal ons nie ywerig wees om die gebooie van die Here te onderhou nie? Daarom, as jy sal afgaan in die wildernis na my vader sal jy ŉ plek saam met ons hê.

35 En dit het gebeur dat [a]Zoram moed geskep het by die aanhoor van die woorde wat ek gespreek het. Voorts, Zoram was die naam

24*a* 1 Ne. 3:12, 19–24; 5:10–22.
31*a* Mosia 9:17; Alma 56:56.
33*a* GS Eed.
34*a* 1 Ne. 2:2; 3:16.
35*a* 1 Ne. 16:7; 2 Ne. 5:5–6. GS Zoram, Zoramiete.

van die dienskneg; en hy het belowe dat hy sou afgaan in die wildernis na ons vader. Ja, en hy het ook 'n eed teenoor ons afgelê dat hy van toe af by ons sou bly.
36 Nou was ons begerig dat hy by ons moes bly om hierdie rede, dat die Jode nie mag weet aangaande ons vlug die wildernis in nie, omdat hulle ons sou agternasit en vernietig.
37 En dit het gebeur dat toe Zoram 'n [a]eed teenoor ons afgelê het, het ons vrese aangaande hom opgehou.
38 En dit het gebeur dat ons die plate van brons en die dienskneg van Laban geneem het, en weggetrek het die wildernis in, en gereis het na die tent van ons vader.

## HOOFSTUK 5

*Saria kla teen Lehi—Beide verbly hulle oor die terugkeer van hul seuns—Hulle offer offerandes—Die plate van brons bevat geskrifte van Moses en die profete—Die plate identifiseer Lehi as 'n afstammeling van Josef—Lehi profeteer aangaande sy saad en die bewaring van die plate. Ongeveer 600–592 v.C.*

En dit het gebeur dat nadat ons na ons vader afgekom het in die wildernis, kyk, hy was vervul met vreugde, en ook my moeder, [a]Saria, was uitermate bly, want sy het waarlik getreur oor ons.
2 Want sy het veronderstel dat ons in die wildernis omgekom het; en sy het ook gekla teenoor my vader en vir hom gesê dat hy iemand was wat visioene sien; en het gesê: Kyk, jy het ons uit die land van ons erfenis uitgelei, en my seuns is nie meer nie, en ons kom om in die wildernis.
3 En volgens hierdie wyse van spraak het my moeder gekla teenoor my vader.
4 En dit het gebeur dat my vader met haar gespreek het, en gesê het: Ek weet dat ek 'n man is wat [a]visioene sien; want as ek nie die dinge van God in 'n [b]visioen gesien het nie, sou ek nie die goedheid van God geken het nie, maar ek sou by Jerusalem gebly het, en sou omgekom het met my broers.
5 Maar kyk, ek het 'n [a]land van belofte verkry, in welke dinge ek my verbly; ja, en ek [b]weet dat die Here my seuns sal verlos uit die hande van Laban, en hulle weer afbring na ons in die wildernis.
6 En volgens hierdie wyse van spraak het my vader, Lehi, my moeder Saria getroos aangaande ons, terwyl ons gereis het in die wildernis na die land Jerusalem, om die kronieke van die Jode te verkry.
7 En toe ons teruggekeer het na die tent van my vader, kyk, hulle vreugde was vol, en my moeder was getroos.

37*a* Jos. 9:1–21; Pred. 5:4. GS Eed.
**5** 1*a* GS Saria.
4*a* 1 Ne. 2:11.
*b* 1 Ne. 1:8–13. GS Visioen.
5*a* 1 Ne. 2:20; 18:8, 22–23. GS Beloofde Land.
*b* GS Geloof, Glo.

8 En sy het gespreek, en gesê: Nou weet ek vir seker dat die Here my man [a]gebied het om die wildernis in te vlug; ja, en ek weet ook vir seker dat die Here my seuns beskerm het, en hulle gered het uit die hande van Laban, en hulle mag gegee het waardeur hulle die ding kon [b]uitvoer wat die Here hulle gebied het. En volgens hierdie wyse van spraak het sy gespreek.

9 En dit het gebeur dat hulle hul uitermate verbly het, en offerandes en brandoffers [a]geoffer het aan die Here; en hulle het [b]dank betuig aan die God van Israel.

10 En nadat hulle dank betuig het aan die God van Israel, het my vader, Lehi, die kronieke geneem wat gegraveer was op die [a]plate van brons, en hy het hulle deursoek vanaf die begin.

11 En hy het gemerk dat hulle die vyf [a]boeke van Moses bevat het, wat ′n kroniek gegee het van die skepping van die wêreld, en ook van Adam en Eva, wat ons eerste ouers was;

12 En ook ′n [a]kroniek van die Jode van die begin af, tot die aanvang van die heerskappy van Sedekía, koning van Juda;

13 En ook die profesieë van die heilige profete, van die begin af, en wel tot die aanvang van die heerskappy van [a]Sedekía; en ook baie profesieë wat gespreek is by monde van [b]Jeremia.

14 En dit het gebeur dat my vader, Lehi, ook op die [a]plate van brons ′n geslagsregister van sy vaders gevind het; daarom het hy geweet dat hy ′n afstammeling was van [b]Josef; ja, en wel daardie Josef wat die seun van [c]Jakob was, wat [d]verkoop is na Egipte, en wat behoed is deur die hand van die Here, dat hy sy vader Jakob mag [e]behoed, en sy hele huisgesin, dat hulle nie omkom van hongersnood nie.

15 En hulle is ook [a]uitgelei uit gevangenskap, en uit die land Egipte, deur dieselfde God wat hulle behoed het.

16 En dus het my vader, Lehi, die geslagsregister ontdek van sy vaders. En Laban was ook ′n afstammeling van [a]Josef, daarom het hy en sy vaders die kronieke bygehou.

17 En nou toe my vader al hierdie dinge sien, is hy met die Gees vervul, en het begin profeteer aangaande sy saad—

---

8*a* 1 Ne. 2:2.
*b* 1 Ne. 3:7.
9*a* Mosia 2:3; 3 Ne. 9:19–20. GS Wet van Moses.
*b* GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
10*a* 1 Ne. 4:24, 38; 13:23. GS Bronsplate.
11*a* 1 Ne. 19:23. GS Pentateug.
12*a* 1 Kron. 9:1. GS Skrifture.
13*a* 2 Kon. 24:18; Jer. 37:1.
*b* Esra 1:1; Jer. 36:17–32; 1 Ne. 7:14; Hel. 8:20.
14*a* 1 Ne. 3:3, 12. GS Bronsplate.
*b* 2 Ne. 3:4; Alma 10:3. GS Josef, Seun van Jakob.
*c* GS Jakob, Seun van Isak.
*d* Gén. 37:29–36.
*e* Gén. 45:4–5.
15*a* Ex. 13:17–18; Amos 3:1–2; 1 Ne. 17:23–31; L&V 103:16–18; 136:22.
16*a* 1 Ne. 6:2.

18 Dat hierdie plate van brons moes uitgaan na alle nasies, stamme, tale, en volke wat van sy saad was.

19 Daarom het hy gesê dat hierdie plate van brons nooit sou [a]vergaan nie; nóg sou hulle verdof word deur die tyd. En hy het baie dinge geprofeteer aangaande sy saad.

20 En dit het gebeur dat tot dusver het ek en my vader die gebooie nagekom wat die Here ons gebied het.

21 En ons het die kronieke verkry wat die Here ons gebied het, en hulle deursoek, en gevind dat hulle begeerlik was; ja, en wel van groot [a]waarde vir ons, in soverre dat ons die gebooie van God kon [b]bewaar vir ons kinders.

22 Daarom, dit was wysheid in die Here dat ons hulle saam met ons moes dra, terwyl ons gereis het in die wildernis na die land van belofte.

## HOOFSTUK 6

*Nefi skryf oor die dinge van God—Nefi se doel is om mense te oorreed om na die God van Abraham te kom en gered te word. Ongeveer 600–592 v.C.*

En nou gee ek, Nefi, nie die geslagsregister van my vaders in [a]hierdie deel van my kroniek nie; nóg sal ek dit te eniger tyd daarna gee op hierdie [b]plate wat ek skryf; want dit is gegee in die kroniek wat bygehou is deur my [c]vader; daarom, ek skryf dit nie in hierdie kroniek nie.

2 Want dit is genoegsaam vir my deur te sê dat ons afstammelinge is van [a]Josef.

3 En dit maak nie vir my saak dat ek nie nougeset 'n volledige kroniek kan gee van al die dinge aangaande my vader nie, want hulle kan nie geskryf word op [a]hierdie plate nie, want ek benodig die ruimte dat ek van die dinge van God mag skrywe.

4 Want die volheid van my bedoeling is dat ek mense mag [a]oorreed om na die God van Abraham, en die God van Isak en die God van Jakob te [b]kom, en gered te word.

5 Daarom, die dinge wat [a]aangenaam is vir die wêreld skryf ek nie, maar die dinge wat aangenaam is vir God, en vir diegene wat nie van die wêreld is nie.

6 Daarom, ek sal 'n bevel gee aan my saad, dat hulle nie hierdie plate sal beset met dinge wat nie van waarde is vir die kinders van mense nie.

## HOOFSTUK 7

*Lehi se seuns keer terug na Jerusa-*

---

19*a* Alma 37:4–5.
21*a* GS Skrifture—Waarde van die skrifture.
*b* 2 Ne. 25:26.
**6** 1*a* 2 Ne. 4:14–15.
*b* 1 Ne. 9:2.
*c* 1 Ne. 1:16–17; 19:1–6.
2*a* 1 Ne. 5:14–16.
3*a* Jakob 7:27; Jarom 1:2, 14; Omni 1:30.
4*a* Joh. 20:30–31. Sien die titelbladsy van die Boek van Mormon.
*b* 2 Ne. 9:41, 45, 51.
5*a* 1 Thes. 2:4; WvM 1:4.

*lem en nooi Ismael en sy huishouding uit om by hulle aan te sluit op hulle reis—Laman en andere rebelleer—Nefi vermaan sy broers om geloof in die Here te hê—Hulle bind hom vas met toue en beplan sy vernietiging—Hy word bevry deur die mag van geloof—Sy broers vra om vergifnis—Lehi en sy geselskap offer offerandes en brandoffers. Ongeveer 600–592 v.C.*

En nou wil ek dat julle mag weet,
dat nadat my vader, Lehi, ʼn einde
gemaak het om te [a]profeteer aan-
gaande sy saad, dit gebeur het dat
die Here weer met hom gespreek
het, en gesê het dat dit nie gepas
was vir hom, Lehi, dat hy sy gesin
alleen die wildernis binneneem
nie; maar dat sy seuns [b]dogters
tot [c]vrou moes neem, sodat hulle
saad kon voortbring vir die Here
in die land van belofte.
2 En dit het gebeur dat die Here
hom [a]gebied het dat ek, Nefi, en
my broers weer moes terugkeer
na die land Jerusalem, en vir Is-
mael en sy gesin moes afbring die
wildernis in.
3 En dit het gebeur dat ek, Nefi,
[a]weer saam met my broers, die
wildernis binnegegaan het om na
Jerusalem op te gaan.
4 En dit het gebeur dat ons op-
gegaan het na die huis van Is-
mael, en ons het guns verkry in
die oë van Ismael, sodat ons die
woorde van die Here met hom ge-
spreek het.
5 En dit het gebeur dat die Here
die hart van Ismael versag het en
ook dié van sy huisgesin, sodat
hulle saam met ons afgereis het
in die wildernis na die tent van
ons vader.
6 En dit het gebeur dat terwyl
ons in die wildernis gereis het,
kyk, Laman en Lemuel, en twee
van die dogters van Ismael, en die
twee [a]seuns van Ismael en hulle
gesinne, het gerebelleer teen ons;
ja, teen my, Nefi, en Sam, en hulle
vader, Ismael, en sy vrou, en sy
drie ander dogters.
7 En dit het gebeur in welke re-
bellie, dat hulle begeer het om te-
rug te keer na die land Jerusalem.
8 En nou ek, Nefi, omdat ek [a]be-
droef was oor die hardheid van
hulle harte, daarom het ek ge-
spreek met hulle, en gesê, ja, en
wel tot Laman en tot Lemuel:
Kyk julle is my ouer broers, en
hoe is dit dat julle so hard is in
julle harte, en so blind in julle
verstand, dat dit vir julle nodig
is dat ek, julle jonger broer, met
julle moet praat, ja, en ʼn voor-
beeld vir julle stel?
9 Hoe is dit dat julle nie ag ge-
slaan het op die woord van die
Here nie?
10 Hoe is dit dat julle [a]vergeet
het dat julle ʼn engel van die Here
gesien het?

**7** 1*a* 1 Ne. 5:17–19.
*b* 1 Ne. 16:7.
*c* GS Huwelik, Trou.
2*a* 1 Ne. 16:7–8.
3*a* 1 Ne. 3:2–3.
6*a* 2 Ne. 4:10.
8*a* Alma 31:2; Moses 7:41.
10*a* Deut. 4:9; 1 Ne. 3:29; 4:3.

11 Ja, en hoe is dit dat julle vergeet het watter groot dinge die Here vir ons gedoen het, deur ons te [a]verlos uit die hande van Laban, en ook dat ons die kronieke sou verkry?

12 Ja, en hoe is dit dat julle vergeet het dat die Here in staat is om alle [a]dinge te doen volgens sy wil, vir die kinders van mense, as dit so sal wees dat hulle [b]geloof beoefen in Hom? Daarom, laat ons getrou wees aan Hom.

13 En as dit so is dat ons getrou is aan Hom, sal ons die [a]land van belofte verkry; en julle sal op een of ander toekomstige tyd weet dat die woord van die Here vervul sal word aangaande die [b]vernietiging van Jerusalem; want alle dinge wat die Here gespreek het aangaande die vernietiging van Jerusalem moet vervul word.

14 Want kyk, die Gees van die Here sal spoedig ophou om te werk met hulle; want kyk, hulle het die profete [a]verwerp, en hulle het [b]Jeremia in die gevangenis gewerp. En hulle het gesoek om die [c]lewe van my vader te neem, in soverre dat hulle hom uitgedrywe het uit die land.

15 Nou kyk, ek sê vir julle dat as julle na Jerusalem sou terugkeer, sal julle ook omkom met hulle. En nou, as julle ʹn keuse het, gaan op na die land, en onthou die woorde wat ek met julle spreek, dat as julle gaan, sal julle ook omkom; want so dwing die Gees van die Here my om te spreek.

16 En dit het gebeur dat toe ek, Nefi, hierdie woorde met my broers gespreek het, was hulle kwaad vir my. En dit het gebeur dat hulle hul hande op my gelê het, want kyk, hulle was uitermate vertoornd, en hulle het my [a]vasgebind met toue, want hulle het gesoek om my lewe te neem, want hulle wou my in die wildernis laat om deur wilde diere verslind te word.

17 Maar dit het gebeur dat ek tot die Here gebid, en gesê het: O Here, volgens my geloof wat in U is, sal U my verlos uit die hande van my broers; ja, gee my wel die krag dat ek hierdie toue kan [a]losbreek waarmee ek gebind is.

18 En dit het gebeur dat nadat ek hierdie woorde gesê het, kyk, die toue is losgemaak van my hande en voete, en ek het voor my broers gestaan, en weer met hulle gespreek.

19 En dit het gebeur dat hulle weer kwaad vir my was, en het gesoek om hul hande op my te lê; maar kyk, een van die [a]dogters van Ismael, ja, en ook haar moeder, en een van die seuns van Ismael, het gepleit by my broers sodat hulle hul harte versag het;

11 *a* 1 Ne. 4.
12 *a* 1 Ne. 17:50; Alma 26:12.
*b* 1 Ne. 3:7; 15:11.
13 *a* 1 Ne. 2:20. GS Beloofde Land.
*b* 2 Kon. 25:1–21; 2 Ne. 6:8; 25:10; Omni 1:15; Hel. 8:20–21.
14 *a* Eség. 5:6; 1 Ne. 1:18–20; 2:13. GS Rebellie.
*b* Jer. 37:15–21.
*c* 1 Ne. 2:1.
16 *a* 1 Ne. 18:11–15.
17 *a* Alma 14:26–28.
19 *a* 1 Ne. 16:7.

en hulle het opgehou om te pro-
beer om my lewe te neem.
20 En dit het gebeur dat hulle
bedroef was vanweë hul boos-
heid, sodat hulle neergebuig het
voor my, en by my gepleit het dat
ek hulle die ding moes vergewe
wat hulle gedoen het teen my.
21 En dit het gebeur dat ek hulle
onvoorwaardelik alles [a]vergewe
het wat hulle gedoen het, en ek
het hulle vermaan om tot die
Here hulle God te bid om vergif-
nis. En dit het gebeur dat hulle
dit gedoen het. En nadat hulle ge-
bid het tot die Here, het ons weer
ons reis voortgesit na die tent van
ons vader.
22 En dit het gebeur dat ons af-
gekom het na die tent van ons va-
der. En nadat ek en my broers en
die hele huis van Ismael afgekom
het na die tent van my vader, het
hulle [a]dank betuig aan die Here
hulle God; en hulle het [b]offerandes
en brandoffers aan Hom geoffer.

## HOOFSTUK 8

*Lehi sien 'n visioen van die boom van die lewe—Hy eet van die vrugte daarvan en begeer dat sy gesin dieselfde sal doen—Hy sien 'n staaf van yster, 'n eng en smal pad, en die miste van duisternis wat mense omhul—Saria, Nefi en Sam eet van die vrugte, maar Laman en Lemuel weier. Ongeveer 600–592 v.C.*

En dit het gebeur dat ons allerlei
sade van elke soort versamel het,
beide van graan van elke soort, en
ook van die sade van vrugte van
elke soort.
2 En dit het gebeur dat terwyl
my vader vertoef het in die wil-
dernis, het hy met ons gespreek,
en gesê: Kyk, ek het 'n droom [a]ge-
droom; of, met ander woorde, ek
het 'n [b]visioen gesien.
3 En kyk, vanweë die ding wat
ek gesien het, het ek rede om my
te verheug in die Here as gevolg
van [a]Nefi, en ook van Sam; want
ek het rede om te veronderstel dat
hulle, en ook baie van hulle saad,
gered sal word.
4 Maar kyk, [a]Laman en Lemuel,
ek is uitermate bevrees oor julle;
want kyk, ek het gedink ek sien
in my droom 'n donker en som-
ber wildernis.
5 En dit het gebeur dat ek 'n
man gesien het, en hy was geklee
in 'n wit [a]kleed; en hy het gekom
en voor my kom staan.
6 En dit het gebeur dat hy met
my gespreek het, en my beveel
het om hom te volg.
7 En dit het gebeur dat terwyl
ek hom volg, het ek myself ge-
sien dat ek in 'n donker en som-
ber woesteny was.
8 En nadat ek vir 'n tydperk van
baie ure in duisternis gereis het,
het ek tot die Here begin bid dat
Hy my [a]barmhartig moes wees,

21*a* GS Vergewe.
22*a* GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
*b* 1 Ne. 5:9.
**8** 2*a* GS Droom; Openbaring.
*b* 1 Ne. 10:17. GS Visioen.
3*a* 1 Ne. 8:14–18.
4*a* 1 Ne. 8:35–36.
5*a* JS—G 1:30–32.
8*a* GS Barmhartig, Barmhartigheid.

volgens die grootheid van sy tere barmhartighede.

9 En dit het gebeur dat nadat ek tot die Here gebid het, ek ′n groot en uitgestrekte [a]veld gewaar het.

10 En dit het gebeur dat ek ′n [a]boom gesien het, waarvan die [b]vrugte begeerlik was om ′n mens gelukkig te maak.

11 En dit het gebeur dat ek gegaan het en van die [a]vrugte daarvan geëet het, en ek het gesien dat dit uitermate soet was, bo alles wat ek nog ooit voorheen geproe het. Ja, en ek het gesien dat die vrug daarvan wit was, om alle [b]witheid te oorskry wat ek nog ooit gesien het.

12 En terwyl ek van die vrug daarvan geëet het, het dit my siel vervul met uitnemende groot [a]blydskap; daarom, ek het begin [b]begeer dat my gesin ook daarvan moes eet; want ek het geweet dat dit [c]begeerlik was bo alle ander vrugte.

13 En terwyl ek my oë rondomheen laat kyk, of ek miskien ook my gesin kon sien, gewaar ek ′n [a]rivier van water; en dit het voortgevloei, en dit was naby die boom waarvan ek die vrugte geëet het.

14 En ek het gekyk om te bepaal waar dit vandaan kom; en ek het die bron daarvan ′n entjie daarvandaan gesien; en by die bron daarvan het ek julle moeder Saria gewaar, en Sam en Nefi; en hulle het gestaan asof hulle nie weet waarheen hulle moes gaan nie.

15 En dit het gebeur dat ek vir hulle gewink het; en ek het ook vir hulle met ′n luide stem gesê dat hulle na my moes kom, en moes eet van die vrugte, wat begeerliker was bo enige ander vrugte.

16 En dit het gebeur dat hulle na my gekom het en ook van die vrugte geëet het.

17 En dit het gebeur dat ek begerig was dat Laman en Lemuel ook van die vrugte moes kom eet; daarom het ek gekyk in die rigting van die bron van die rivier, of ek hulle dalk kon sien.

18 En dit het gebeur dat ek hulle gesien het, maar hulle wou [a]nie na my kom en van die vrugte eet nie.

19 En ek het ′n [a]staaf van yster gesien, en dit het al langs die wal van die rivier gestrek, en gelei na die boom waarby ek gestaan het.

20 En ek het ook ′n [a]eng en smal pad gesien, wat al langs die staaf van yster geloop het, selfs tot by die boom waarby ek gestaan het; en dit het ook verby die bron van die fontein gelei, na ′n groot en

9 *a* Matt. 13:38.
10 *a* Gén. 2:9; Openb. 2:7; 22:2; 1 Ne. 11:4, 8–25. GS Boom van die Lewe.
*b* Alma 32:41–43.
11 *a* Alma 5:34.
*b* 1 Ne. 11:8.
12 *a* GS Vreugde.
*b* Alma 36:24.
*c* 1 Ne. 15:36.
13 *a* 1 Ne. 12:16–18; 15:26–29.
18 *a* 2 Ne. 5:20–25.
19 *a* Ps. 2:9; Openb. 12:5; JSV Openb. 19:15 (Bylae); 1 Ne. 8:30; 11:25; 15:23–24.
20 *a* Matt. 7:14; 2 Ne. 31:17–20.

uitgestrekte [b]veld, asof dit ʼn wê-
reld was.
21 En ek het tallose skares van
mense gesien, baie van wie vo-
rentoe beur om die [a]pad te bereik
wat na die boom gelei het waarby
ek gestaan het.
22 En dit het gebeur dat hulle
vorentoe beweeg het, en in die
pad begin loop het wat na die
boom toe lei.
23 En dit het gebeur dat daar ʼn
[a]miswolk van duisternis opge-
kom het; ja, en wel ʼn uitermate
groot miswolk van duisternis,
sodat hulle wat in die pad begin
loop het, verdwaal het, dat hulle
afgedwaal en verlore geraak het.
24 En dit het gebeur dat ek an-
der vorentoe sien beur het, en
hulle het uitgekom en die punt
van die staaf van yster vasgegryp;
en hulle het vorentoe gebeur deur
die miswolke van duisternis, en
geklou aan die staaf van yster, en
wel totdat hulle uitgekom het en
geëet het van die [a]vrugte van die
boom.
25 En nadat hulle geëet het van
die vrugte van die boom, het hulle
hul oë rondomheen laat gaan asof
hulle [a]skaam was.
26 En ek het ook my oë rond-
omheen laat kyk, en aan die an-
der kant van die rivier van water,
ʼn groot en [a]ruim gebou gewaar;
en dit het as't ware in die lug ge-
staan, hoog bokant die aarde.
27 En dit was vol mense, beide
oud en jonk, beide manlik en
vroulik; en hulle manier van
aantrek was besonder keurig; en
hulle was in ʼn spottende [a]hou-
ding en het met hulle vingers na
diegene gewys wat by die vrugte
uitgekom het en daarvan geëet
het.
28 En nadat hulle van die vrugte
[a]geproe het, was hulle [b]skaam
vanweë diegene wat hulle ge-
spot het, en hulle het [c]afgedwaal
in verbode paaie en was verlore.
29 En nou ek, Nefi, spreek nie
[a]al die woorde van my vader nie.
30 Maar om bondig te wees met
die skrywery, kyk, hy het ander
skares gesien vorentoe beur; en
hulle het gekom en die punt van
die [a]staaf van yster vasgegryp; en
hulle het hulle weg vorentoe ge-
beur en aanhoudend aan die staaf
van yster vasgehou; totdat hulle
uitgekom en neergeval en geëet
het van die vrugte van die boom.
31 En hy het ook ander [a]skares
gesien wat hul pad voel na die
groot en ruim gebou.
32 En dit het gebeur dat baie
verdrink het in die dieptes van
die [a]fontein; en baie het verdwyn
uit sy gesigsveld, dwalende op
verkeerde paaie.

---

20 *b* Matt. 13:38.
21 *a* GS Weg.
23 *a* 1 Ne. 12:17; 15:24.
24 *a* 1 Ne. 8:10–12.
25 *a* Rom. 1:16; 2 Tim. 1:8; Alma 46:21; Morm. 8:38.
26 *a* 1 Ne. 11:35–36; 12:18.
27 *a* GS Hoogmoed.
28 *a* 2 Petr. 2:19–22.
*b* Mark. 4:14–20; 8:38; Lk. 8:11–15; Joh. 12:42–43.
*c* GS Afval.
29 *a* 1 Ne. 1:16–17.
30 *a* 1 Ne. 15:23–24.
31 *a* Matt. 7:13.
32 *a* 1 Ne. 15:26–29.

33 En groot was die skare wat
dié vreemde gebou binnegegaan
het. En nadat hulle daardie gebou
binnegegaan het, het hulle met
[a]spottende vinger gewys na my
en na diegene wat besig was om
ook van die vrugte te eet; maar
ons het nie ag geslaan op hulle
nie.
34 Hierdie is die woorde van my
vader: Want almal wat op hulle
[a]ag geslaan het, het afgedwaal.
35 En [a]Laman en Lemuel het nie
geëet van die vrugte nie, het my
vader gesê.
36 En dit het gebeur dat nadat
my vader al die woorde van sy
droom of visioen gespreek het,
wat baie was, het hy vir ons gesê,
vanweë dié dinge wat hy gesien
het in 'n visioen, was hy uiter-
mate bevrees vir Laman en Le-
muel; ja, hy het gevrees dat hulle
uitgewerp sou word van die teen-
woordigheid van die Here.
37 En hy het hulle toe vermaan
met al die gevoel van 'n liefde-
volle [a]ouer, dat hulle moes ag
slaan op sy woorde, dat die Here
miskien barmhartig sou wees
teenoor hulle, en hulle nie uit-
werp nie; ja, my vader het vir
hulle gepreek.
38 En nadat hy vir hulle gepreek
het, en ook baie dinge aan hulle
geprofeteer het, het hy hulle ge-
bied om die gebooie van die Here
te onderhou; en het opgehou om
met hulle te spreek.

## HOOFSTUK 9

*Nefi maak twee stelle kronieke—Elkeen word genoem die plate van Nefi—Die groter plate bevat 'n wêreldse geskiedenis; die kleiner plate handel hoofsaaklik oor heilige dinge. Ongeveer 600–592 v.C.*

En al hierdie dinge het my vader
gesien, en gehoor, en gespreek
terwyl hy in 'n tent in die [a]val-
lei van Lemuel gewoon het, en
ook baie meer dinge, wat nie ge-
skrywe kan word op hierdie plate
nie.
2 En nou, soos ek gespreek het
aangaande dié plate, kyk, hulle
is nie die plate waarop ek 'n vol-
ledige kroniek maak van die ge-
skiedenis van my volk nie; want
die [a]plate waarop ek 'n volledige
kroniek maak van my volk, het ek
die naam van Nefi gegee; daarom,
hulle word die plate van Nefi ge-
noem, na my eie naam; en hier-
die plate word ook die plate van
Nefi genoem.
3 Desnieteenstaande, ek het 'n
gebod van die Here ontvang dat
ek hierdie plate moes maak vir
die besondere [a]doel dat daar 'n
kroniek gegraveer sou word van
die [b]bediening van my volk.
4 Op die ander plate moes 'n

---

33*a* GS Vervolg, Vervolging.
34*a* Ex. 23:2.
35*a* 1 Ne. 8:17–18; 2 Ne. 5:19–24.
37*a* GS Gesin; Ouers.
**9** 1*a* 1 Ne. 2:4–6, 8, 14–15; 16:6.
2*a* 1 Ne. 19:2, 4; Jakob 3:13–14; WvM 1:2–11; L&V 10:38–40. GS Plate.
3*a* L&V 3:19.
*b* 1 Ne. 6:3.

kroniek gegraveer word van die
heerskappy van die konings, en
die oorloë en twiste van my volk;
daarom handel hierdie plate grotendeels
oor die bediening, en die
[a]ander plate handel grotendeels
oor die heerskappy van die konings
en die oorloë, en twiste van
my volk.
5 Daarom, die Here het my gebied
om hierdie plate te maak, vir
'n [a]wyse doel in Hom, welke doel
ek nie ken nie.
6 Maar die Here [a]weet alle dinge
van die begin af; daarom berei Hy
'n weg om al sy werke te volbring
onder die kinders van mense,
want kyk, Hy het alle [b]mag tot
die vervulling van al sy woorde.
En so is dit. Amen.

## HOOFSTUK 10

*Lehi voorspel dat die Jode gevange geneem sal word deur die Babiloniërs—Hy vertel van die koms van 'n Messias onder die Jode, 'n Saligmaker, 'n Verlosser—Lehi vertel ook van die koms van die een wat die Lam van God sou doop—Lehi vertel van die dood en die opstanding van die Messias—Hy vergelyk die verstrooiing en versameling van Israel met 'n olyfboom—Nefi praat van die Seun van God, van die gawe van die Heilige Gees, en van die behoefte vir regverdigheid. Ongeveer 600–592 v.C.*

En nou gaan ek, Nefi, voort om
'n kroniek op [a]hierdie plate te
gee van my handelinge, en van
my heerskappy en bediening;
daarom, om voort te gaan met my
kroniek, moet ek ietwat spreek
oor die dinge van my vader, en
ook oor my broers.
2 Want kyk, dit het gebeur nadat
my vader 'n einde gemaak het
om die woorde van sy [a]droom te
spreek, en ook om hulle te vermaan
tot alle ywer, het hy met
hulle gespreek aangaande die
Jode—
3 Dat nadat hulle vernietig sou
word, en wel daardie groot stad
[a]Jerusalem, en baie [b]weggevoer
sou word in gevangenskap na
[c]Babilon, volgens die eie bepaalde
tyd van die Here, hulle weer sal
[d]terugkeer, ja, en wel teruggebring
word uit gevangenskap;
en nadat hulle teruggebring sal
word uit gevangenskap, sal hulle
weer die land van hulle erfenis in
besit neem.
4 Ja, naamlik [a]seshonderd jaar
van die tyd af dat my vader

4*a* Jakob 1:2–4; WvM 1:10.
5*a* 1 Ne. 19:3; WvM 1:7; Alma 37:2, 12, 14.
6*a* 2 Ne. 9:20; L&V 38:2; Moses 1:6, 35. GS Alwetend.
*b* Matt. 28:18.

**10** 1*a* 1 Ne. 9:1–5; 19:1–6; Jakob 1:1–4.
2*a* 1 Ne. 8.
3*a* Ester 2:6; 2 Ne. 6:8; Hel. 8:20–21.
*b* 587 v.C.; sien Kronologie in die bylae. 2 Ne. 25:10.
*c* Eség. 24:2; 1 Ne. 1:13; Omni 1:15.
*d* Jer. 29:10; 2 Ne. 6:8–9.
4*a* 1 Ne. 19:8; 2 Ne. 25:19; 3 Ne. 1:1.

Jerusalem verlaat het, sou die Here God ’n [b]profeet opwek onder die Jode—en wel ’n [c]Messias, of met ander woorde, ’n Saligmaker van die wêreld.
5 En hy het ook gespreek aangaande die profete, hoe groot ’n aantal [a]getuig het van hierdie dinge, aangaande hierdie Messias, van wie hy gespreek het, of hierdie Verlosser van die wêreld.
6 Daarom, die ganse mensdom was in ’n verlore en [a]gevalle toestand en sou vir ewig wees, tensy hulle sou staatmaak op hierdie Verlosser.
7 En hy het ook aangaande ’n [a]profeet gespreek wat voor die Messias sal kom om die weg van die Here te berei—
8 Ja, tot so ’n mate sal hy uitgaan en uitroep in die wildernis: [a]Berei julle die weg van die Here, en maak sy paaie reguit; want daar staan Een onder julle wat julle nie ken nie; en Hy is magtiger as ek, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie. En veel het my vader gespreek aangaande hierdie ding.
9 En my vader het gesê dat hy sal doop in [a]Betabara, anderkant die Jordaan; en hy het ook gesê dat hy sal doop met water; selfs dat hy die Messias sou [b]doop met water.
10 En nadat hy die Messias gedoop het met water, sal hy erken en getuienis lewer dat hy die [a]Lam van God gedoop het wat die sondes van die wêreld sal wegneem.
11 En dit het gebeur, nadat my vader hierdie woorde gespreek het, het hy met my broers gespreek aangaande die evangelie wat onder die Jode verkondig sal word, en ook aangaande die [a]kwyning van die Jode in [b]ongeloof. En nadat hulle die Messias [c]doodgemaak het, wat sal kom, en nadat Hy doodgemaak is, sal Hy [d]opstaan uit die dood, en sal Homself bekendmaak, aan die nie-Jode deur die [e]Heilige Gees.
12 Ja, en wel het my vader veel gespreek aangaande die nie-Jode, en ook aangaande die huis van Israel, dat hulle vergelyk moes word met ’n [a]olyfboom, waarvan die takke afgebreek sal word en [b]verstrooi sal word oor die hele aangesig van die aarde.
13 Daarom, hy het gesê dat dit noodsaaklik is dat ons almal eendragtiglik die [a]land van belofte

---

4 *b* 1 Ne. 22:20–21.
*c* GS Messias.
5 *a* Jakob 7:11; Mosia 13:33; Hel. 8:19–24; 3 Ne. 20:23–24.
6 *a* GS Val van Adam en Eva.
7 *a* 1 Ne. 11:27; 2 Ne. 31:4.
8 *a* Jes. 40:3; Matt. 3:1–3.
9 *a* Joh. 1:28.
*b* GS Johannes die Doper.
10 *a* GS Lam van God.
11 *a* Jakob 4:14–18.
*b* Morm. 5:14.
*c* GS Heilige Gees.
*d* GS Jesus Christus; Kruisiging.
*e* GS Opstanding.
12 *a* Gén. 49:22–26; 1 Ne. 15:12; 2 Ne. 3:4–5; Jakob 5; 6:1–7. GS Olyfboom; Wingerd van die Here.
*b* 1 Ne. 22:3–8. GS Israel—Die verstrooiing van Israel.
13 *a* 1 Ne. 2:20. GS Beloofde Land.

binnegelei sal word, ter vervul-
ling van die woord van die Here,
dat ons verstrooi sal word oor die
hele aangesig van die aarde.
14 En nadat die huis van Israel
verstrooi sou word, sou hulle weer
[a]versamel word; of, kortom, nadat
die [b]nie-Jode die volheid van die
Evangelie ontvang het, sal die na-
tuurlike takke van die [c]olyfboom,
of die oorblyfsel van die huis van
Israel, geënt sou word, of kom tot
die kennis van die ware Messias,
hulle Here en hulle Verlosser.
15 En volgens hierdie wyse van
spraak het my vader geprofeteer
en met my broers gespreek, en
ook baie meer dinge wat ek nie
skryf in hierdie boek nie; want
ek het soveel van hulle geskryf
as wat vir my van nut was in my
[a]ander boek.
16 En al hierdie dinge, waarvan
ek gespreek het, is gedoen terwyl
my vader gewoon het in 'n tent,
in die vallei van Lemuel.
17 En dit het gebeur nadat ek,
Nefi, al die [a]woorde van my va-
der gehoor het, aangaande die
dinge wat hy gesien het in 'n [b]vi-
sioen, en ook die dinge wat hy ge-
spreek het deur die mag van die
Heilige Gees, welke mag hy ont-
vang het deur geloof in die Seun
van God—en die Seun van God
was die [c]Messias wat sou kom—
was ek, Nefi, ook begerig dat ek
mag sien, en hoor, en weet, van
hierdie dinge, deur die mag van
die [d]Heilige Gees, wat die gawe is
van God aan al diegene wat Hom
[e]ywerig soek, beide in die dae van
die [f]voortyd sowel as in die tyd
wat Hy Hom sal openbaar aan die
kinders van mense.
18 Want Hy is [a]dieselfde gister,
vandag en vir ewig; en die weg
is berei vir alle mense vanaf die
grondlegging van die wêreld, as
dit so is dat hulle hul bekeer en
na Hom kom.
19 Want hy wat ywerig soek, sal
vind; en die [a]verborgenhede van
God sal ontvou word aan hulle,
deur die mag van die [b]Heilige
Gees, sowel as in hierdie tye en
sowel as in die dae van die voor-
tyd, as in die tye wat moet kom;
daarom is die [c]verloop van die
Here een ewige kringloop.
20 Daarom, onthou, o mens, oor
al jou werke sal jy tot [a]oordeel ge-
bring word.
21 Daarom, as jy gesoek het om
boos te handel in die dae van jou
[a]toetsing, dan word jy onrein be-
vind voor die regterstoel van
God; en geen [b]onreine ding kan

14 *a* GS Israel—Die versameling van Israel.
*b* 1 Ne. 13:42; L&V 14:10.
*c* Jakob 5:8, 52, 54, 60, 68.
15 *a* 1 Ne. 1:16–17.
17 *a* Enos 1:3; Alma 36:17.
*b* 1 Ne. 8:2.
*c* GS Messias.
*d* GS Heilige Gees.
*e* Moro. 10:4–5, 7, 19.
*f* L&V 20:26.
18 *a* Hebr. 13:8; Morm. 9:9; L&V 20:12. GS God, Godheid.
19 *a* GS Verborgenhede van God.
*b* GS Heilige Gees.
*c* Alma 7:20; L&V 3:2; 35:1.
20 *a* Pred. 12:14; 2 Ne. 9:46. GS Oordeel, Die Laaste.
21 *a* Alma 34:32–35.
*b* 1 Kor. 6:9–10; 3 Ne. 27:19; L&V 76:50–62; Moses 6:57.

inwoon by God nie; daarom moet
jy vir ewig uitgewerp word.
22 En die Heilige Gees gee gesag
dat ek hierdie dinge moet spreek
en hulle nie weerhou nie.

## HOOFSTUK 11

*Nefi sien die Gees van die Here en word in ʼn visioen die boom van die lewe getoon—Hy sien die moeder van die Seun van God en leer van die neerdalendheid van God—Hy sien die doop, bediening, en kruisiging van die Lam van God—Hy sien ook die roeping en bediening van die Twaalf Apostels van die Lam. Ongeveer 600–592 v.C.*

WANT dit het gebeur nadat ek begeer het om die dinge te wete te kom wat my vader gesien het, en omdat ek geglo het dat die Here in staat was om dit bekend te maak aan my, terwyl ek dit in my hart sit en [a]bepeins het, is ek [b]weggevoer deur die Gees van die Here, ja, na ʼn uitermate hoë [c]berg, wat ek nog nooit vantevore gesien het nie, en waarop ek nog nooit vantevore my voet gesit het nie.
2 En die Gees het aan my gesê:
Kyk, wat begeer jy?
3 En ek het gesê: Ek begeer om
die dinge te aanskou wat my vader [a]gesien het.
4 En die Gees het aan my gesê:
Glo jy dat jou vader die [a]boom gesien het waarvan hy gespreek het?
5 En ek het gesê: Ja, U weet dat
ek al die woorde van my vader [a]glo.
6 En nadat ek hierdie woorde
gespreek het, het die Gees geroep met ʼn luide stem, en gesê: Hosanna aan die Here, die allerhoogste God; want Hy is God oor die hele [a]aarde, ja, ook bo alles. En geseënd is jy, Nefi, omdat jy [b]glo in die Seun van die allerhoogste God; daarom, jy sal die dinge aanskou wat jy begeer het.
7 En kyk, hierdie ding sal gegee
word aan jou as [a]teken, dat nadat jy die boom gesien het wat die vrugte gedra het wat jou vader geproe het, jy ook ʼn man sal sien neerdaal uit die hemel, en Hom sal jy aanskou; en nadat jy Hom aanskou het, sal jy [b]getuig dat dit die Seun van God is.
8 En dit het gebeur dat die Gees
aan my gesê het: Kyk! En ek het gekyk en ʼn boom gesien; en dit was soos die [a]boom wat my vader gesien het; en die skoonheid daarvan was bomatig, ja, bo alle skoonheid; die [b]witheid daarvan het die witheid van die windverstrooide sneeu oortref.
9 En dit het gebeur nadat ek die
boom gesien het, het ek vir die

**11** 1*a* L&V 76:19.
GS Peins.
*b* 2 Kor. 12:1–4; Openb. 21:10; 2 Ne. 4:25; Moses 1:1.
*c* Deut. 10:1; Ether 3:1.
3*a* 1 Ne. 8:2–34.
4*a* 1 Ne. 8:10–12; 15:21–22.
5*a* 1 Ne. 2:16.
6*a* Ex. 9:29; 2 Ne. 29:7; 3 Ne. 11:14; Moses 6:44.
*b* GS Geloof, Glo.
7*a* GS Teken.
*b* GS Getuienis.
8*a* 1 Ne. 8:10.
*b* 1 Ne. 8:11.

Gees gesê: Ek sien dat U my die
boom getoon het wat [a]kosbaar is
bo alles.
10 En Hy het vir my gesê: Wat
begeer jy?
11 En ek het vir Hom gesê: Om
die [a]uitlegging daarvan te ken—
want ek het gespreek met Hom
soos ′n mens spreek: want ek het
gesien dat Hy in die [b]vorm van
′n mens was; tog, desnieteen-
staande, het ek geweet dat dit
die Gees van die Here is; en Hy
het met my gespreek soos ′n mens
met ′n ander sou spreek.
12 En dit het gebeur dat Hy vir
my gesê het: Kyk! En ek het gekyk
om na Hom te kyk, en ek het Hom
nie gesien nie; want Hy het wegge-
gaan van my teenwoordigheid af.
13 En dit het gebeur dat ek ge-
kyk het, en die grote stad Jeru-
salem gesien het, en ook ander
stede; en ek het die stad [a]Násaret
gesien; en in die stad Násaret
sien ek ′n [b]maagd, en sy was ui-
termate rein en wit.
14 En dit het gebeur dat ek die
[a]hemele geopend gesien het; en ′n
engel het neergedaal en het voor
my kom staan; en hy het vir my
gesê: Nefi, wat sien jy?
15 En ek het aan hom gesê: ′n
Maagd, uitermate mooi en rein
bo alle ander maagde.
16 En hy het vir my gesê: Ken
jy die neerdalendheid van God?
17 En ek het vir hom gesê: Ek
weet dat Hy sy kinders liefhet;
desnieteenstaande, ek ken nie die
betekenis van alle dinge nie.
18 En Hy het vir my gesê: Kyk,
die [a]maagd wat jy sien, is die
[b]moeder van die Seun van God,
volgens die vlees.
19 En dit het gebeur dat ek ge-
waar het dat sy weggevoer was in
die Gees; en nadat sy weggevoer
was in die [a]Gees vir ′n tydlank,
het die engel met my gespreek en
gesê: Kyk!
20 En ek het gekyk en weer die
maagd gesien, terwyl sy ′n [a]kind
in haar arms dra.
21 En die engel het vir my gesê:
Aanskou die [a]Lam van God, ja, en
wel die [b]Seun van die Ewige [c]Va-
der! Ken jy die betekenis van die
[d]boom wat jou vader gesien het?
22 En ek het hom geantwoord,
en gesê: Ja, dit is die [a]liefde van
God, wat hom ver en wyd uitstort
in die harte van die kinders van
mense; daarom, dit is die begeer-
likste bo alle dinge.
23 En hy het met my gespreek,
en gesê: Ja, en die [a]verblydendste
vir die siel.
24 En nadat hy hierdie woorde
gesê het, het hy vir my gesê: Kyk!

9 *a* 1 Ne. 11:22–25.
11 *a* Gén. 40:8.
*b* Ether 3:15–16.
13 *a* Matt. 2:23.
*b* Lk. 1:26–27; Alma 7:10. GS Maria, Moeder van Jesus.
14 *a* Eség. 1:1; 1 Ne. 1:8.
18 *a* Jes. 7:14; Lk. 1:34–35.
*b* Mosia 3:8.
19 *a* Matt. 1:20.
20 *a* Lk. 2:16.
21 *a* GS Lam van God.
*b* GS Jesus Christus.
*c* GS God, Godheid—God die Vader.
*d* 1 Ne. 8:10; Alma 5:62. GS Boom van die Lewe.
22 *a* GS Liefde.
23 *a* GS Vreugde.

En ek het gekyk en die Seun van
God gesien wat [a]uitgaan onder
die kinders van mense; en ek het
baie sien neerval aan sy voete en
Hom aanbid.
25 En dit het gebeur dat ek ge-
sien het dat die [a]staaf van ys-
ter, wat my vader gesien het,
die woord van God was, wat ge-
lei het na die bron van [b]lewende
waters, of na die [c]boom van die
lewe; welke waters die liefde van
God voorstel; en ek het ook ge-
sien dat die boom van die lewe
ʼn voorstelling was van die liefde
van God.
26 En die engel het weer vir my
gesê: Kyk en aanskou die [a]neer-
dalendheid van God!
27 En ek het gekyk en die Ver-
losser van die wêreld [a]gesien, van
wie my vader gespreek het; en ek
het ook die [b]profeet gesien wat
die weg voor Hom sou berei. En
die Lam van God het uitgegaan
en is [c]gedoop deur hom; en nadat
Hy gedoop is, het ek die hemele
sien oopgaan, en die Heilige Gees
uit die hemel sien neerdaal en op
Hom bly in die vorm van ʼn [d]duif.
28 En ek het gesien dat Hy uit-
gaan en die mense dien, in [a]krag
en groot heerlikheid; en die ska-
res het bymekaargekom om Hom
te hoor; en ek het gesien dat hulle
Hom uitgewerp het uit hulle
midde.
29 En ek het ook [a]twaalf ander
Hom sien volg. En dit het gebeur
dat hulle weggevoer was in die
Gees van voor my aangesig, en
ek het hulle nie gesien nie.
30 En dit het gebeur dat die
engel weer met my gespreek,
en gesê het: Kyk! En ek het ge-
kyk en gesien, en ek het die he-
mele weer sien oopgaan en ek
het [a]engele sien neerdaal op die
kinders van mense, en hulle het
hulle gedien.
31 En hy het weer met my ge-
spreek, en gesê: Kyk! En ek het
gekyk en gesien, en ek het die
Lam van God sien uitgaan onder
die kinders van mense. En ek het
ʼn skare mense gesien wat siek
was, en wat verdruk was deur al-
lerhande kwale en met [a]duiwels
en [b]onrein geeste; en die engel het
gespreek en al hierdie dinge aan
my getoon. En hulle is [c]genees
deur die mag van die Lam van
God; en die duiwels en die on-
rein geeste is uitgewerp.
32 En dit het gebeur dat die
engel weer met my gespreek,
en gesê het: Kyk! En ek het ge-
kyk en die Lam van God gesien,
dat Hy gevange geneem is deur
die mense; ja, die Seun van die

---

24 *a* Lk. 4:14–21.
25 *a* 1 Ne. 8:19.
*b* GS Lewende Water.
*c* Gén. 2:9; Alma 32:40–41; Moses 4:28, 31.
26 *a* 1 Ne. 11:16–33.
27 *a* 2 Ne. 25:13.
*b* Matt. 11:10; 1 Ne. 10:7–10; 2 Ne. 31:4.
*c* GS Doop.
*d* GS Duif, Teken van die.
28 *a* L&V 138:25–26.
29 *a* GS Apostel.
30 *a* GS Engele.
31 *a* Mark. 5:15–20; Mosia 3:5–7. GS Duiwel.
*b* GS Gees—Bose geeste.
*c* GS Genees, Genesings.

ewigdurende God is [a]veroordeel
deur die wêreld; en ek het gesien
en getuienis gelewer.
33 En ek, Nefi, het gesien dat Hy
opgehef is op die [a]kruis en [b]ge-
dood is vir die sondes van die wê-
reld.
34 En nadat Hy doodgemaak is,
het ek die skares van die aarde ge-
sien, dat hulle bymekaargekom
het om te stry teen die apostels
van die Lam; want so is die twaalf
deur die engel van die Here ge-
noem.
35 En die skare van die aarde het
bymekaargekom; en ek het gesien
dat hulle in ′n groot en ruim [a]ge-
bou was, soos die gebou wat my
vader gesien het. En die engel
van die Here het weer met my ge-
spreek, en gesê: Kyk die wêreld
en die wysheid daarvan; ja, kyk,
die huis van Israel het bymekaar-
gekom om te stry teen die twaalf
apostels van die Lam.
36 En dit het gebeur dat ek ge-
sien en getuienis gelewer het
dat die groot en ruim gebou die
[a]hoogmoed van die wêreld was;
en dit het geval, en die val daar-
van was uitermate groot. En die
engel van die Here het weer met
my gespreek, en gesê: So sal die
vernietiging wees van al die na-
sies, stamme, tale en volke, wat
sal stry teen die twaalf apostels
van die Lam.

## HOOFSTUK 12

*Nefi sien in ′n visioen die land van beloofte; die regverdigheid, ongeregtigheid en ondergang van sy bewoners; die koms van die Lam van God onder hulle; hoe die Twaalf Dissipels en die Twaalf Apostels Israel sal oordeel, en die verfoeilike en vieslike toestand van diegene wat in ongeloof kwyn. Ongeveer 600–592 v.C.*

En dit het gebeur dat die engel
vir my gesê het: Kyk, en aanskou
jou saad en ook die saad van jou
broers. En ek het gekyk, en die
[a]land van belofte gesien. En ek het
skares mense gesien, ja, en wel
as′t ware in getal so veel soos die
sand van die see.
2 En dit het gebeur dat ek me-
nigtes bymekaar versamel gesien
het om oorlog te voer, die een teen
die ander; en ek het [a]oorloë ge-
sien, en gerugte van oorloë, en
groot slagtinge met die swaard
onder my volk.
3 En dit het gebeur dat ek baie
geslagte sien verbygaan het, vol-
gens die verloop van oorloë en
twiste in die land; en ek het baie
stede gesien, ja, en wel dat ek
hulle nie kon tel nie.
4 En dit het gebeur dat ek ′n
[a]miswolk van [b]donkerheid op
die aangesig van die land van
belofte gesien het; en ek het

32*a* Mark. 15:17–20.
33*a* Joh. 19:16–19; Mosia 3:9–10; 3 Ne. 27:14. GS Kruis.
*b* GS Versoen, Versoening.
35*a* 1 Ne. 8:26; 12:18.
36*a* GS Hoogmoed.
**12** 1*a* GS Beloofde Land.
2*a* Enos 1:24; Morm. 8:7–8. GS Oorlog.
4*a* Hel. 14:20–28.
*b* 1 Ne. 19:10.

weerligte gesien, en ek het don-
derslae gehoor, en aardbewings,
en allerhande rumoere; en ek het
die aarde en die rotse gesien, dat
hulle skeur; en ek het berge in
stukke sien tuimel; en ek het die
vlaktes van die aarde gesien, dat
hulle verbrokkel was; en ek het
baie stede gesien dat hulle [c]weg-
gesink het; en ek het baie gesien
dat hulle met vuur verbrand was;
en ek het baie gesien wat op die
aarde neergeval het vanweë die
skudding daarvan.
5 En dit het gebeur nadat ek
hierdie dinge gesien het, het ek
die [a]mis van die duisternis gesien,
dat dit vanaf die aangesig van die
aarde verbygegaan het; en kyk, ek
het menigtes gesien wat nie geval
het vanweë die groot en verskrik-
like oordele van die Here nie.
6 En ek het die hemele sien oop-
gaan, en die [a]Lam van God neer-
daal uit die hemel; en Hy het
neergedaal en Homself getoon
aan hulle.
7 En ek het ook gesien en getuie-
nis gelewer dat die Heilige Gees
op [a]twaalf ander neergedaal het;
en hulle is deur God geordineer
en gekies.
8 En die engel het met my ge-
spreek, en gesê: Aanskou die
twaalf dissipels van die Lam wat
gekies is om jou saad te dien.
9 En hy het vir my gesê: Jy ont-
hou die [a]twaalf apostels van die
Lam? Kyk, dit is hulle wat die
twaalf stamme van Israel sal [b]oor-
deel; daarom sal die twaalf die-
naars van jou saad deur hulle
geoordeel word; want julle is van
die huis van Israel.
10 En hierdie [a]twaalf dienaars
wat jy sien, sal jou saad oordeel.
En kyk, hulle is regverdig vir
ewig; want vanweë hul geloof in
die Lam van God is hulle [b]kleding
wit gemaak in sy bloed.
11 En die engel het vir my gesê:
Kyk! En ek het gekyk en gesien
dat [a]drie geslagte heengaan in
regverdigheid; en hulle kleding
was wit soos dié van die Lam
van God. En die engel het vir my
gesê: Hulle word wit gemaak in
die bloed van die Lam, vanweë
hulle geloof in Hom.
12 En ek, Nefi, het ook baie van
die [a]vierde geslag gesien wat
heengegaan het in regverdigheid.
13 En dit het gebeur dat ek die
menigtes van die aarde versamel
gesien het.
14 En die engel het vir my gesê:
Aanskou jou saad, en ook die
saad van jou broers.
15 En dit het gebeur dat ek ge-
kyk en die mense van my saad
gesien het, wat versamel het in
menigtes, [a]teenoor die saad van

4 *c* 3 Ne. 8:14.
5 *a* 3 Ne. 8:20; 10:9.
6 *a* 2 Ne. 26:1, 9; 3 Ne. 11:3–17.
7 *a* 3 Ne. 12:1; 19:12–13.
9 *a* Lk. 6:13.
*b* Matt. 19:28; L&V 29:12. GS Oordeel, Die Laaste.
10 *a* 3 Ne. 27:27; Morm. 3:18–19.
*b* Openb. 7:14; Alma 5:21–27; 13:11–13; 3 Ne. 27:19–20.
11 *a* 2 Ne. 26:9–10; 3 Ne. 27:30–32.
12 *a* Alma 45:10–12; Hel. 13:5, 9–10; 3 Ne. 27:32; 4 Ne. 1:14–27.
15 *a* Morm. 6.

my broers; en hulle het versamel
om oorlog te maak.
16 En die engel het met my gespreek, en gesê: Aanskou die fontein van [a]vieslike water wat jou vader gesien het; ja, en wel die [b]rivier waarvan hy gespreek het; en die dieptes daarvan is die dieptes van die [c]hel.
17 En die [a]miswolke van duisternis is die versoekings van die duiwel, wat die oë [b]verblind, en die harte van die kinders van mense verhard, en hulle weglei in [c]breë weë, dat hulle vergaan en verlore is.
18 En die groot en ruim [a]gebou, wat jou vader gesien het, is ydele [b]inbeeldinge en die [c]hoogmoed van die kinders van mense. En ′n groot en ′n verskriklike [d]kloof skei hulle; ja, en wel die woord van [e]geregtigheid van die Ewige God, en die Messias wat die Lam van God is, van wie die Heilige Gees getuienis lewer, vanaf die begin van die wêreld tot nou toe, en van nou af en vir ewig.
19 En terwyl die engel hierdie woorde gespreek het, het ek gekyk en gesien dat die saad van my broers geveg het teen my saad, volgens die woord van die engel; en vanweë die hoogmoed van my saad, en die [a]versoekinge van die duiwel, het ek gesien dat my broers se saad die volk van my saad [b]oorweldig het.
20 En dit het gebeur dat ek gekyk, en gesien het dat die volk van my broers se saad my saad oorweldig het; en hulle het uitgegaan in menigtes oor die aangesig van die land.
21 En ek het hulle in skares sien versamel; en ek het [a]oorloë en gerugte van oorloë onder hulle gesien; en in oorloë en in gerugte van oorloë het ek baie geslagte sien heengaan.
22 En die engel het vir my gesê: Kyk hulle sal [a]kwyn in ongeloof.
23 En dit het gebeur dat ek gesien het, dat nadat hulle gekwyn het in ongeloof, hulle ′n [a]donker, en ′n verfoeilike en ′n [b]vieslike volk geword het, vol luiheid en [c]allerlei gruwels.

## HOOFSTUK 13

*Nefi sien in ′n visioen die kerk van die duiwel wat opgerig is onder die nie-Jode, die ontdekking en kolonisering van Amerika, die verlies van vele eenvoudige en kosbare dele van die Bybel, die daaruitvloeiende toestand van afvalligheid van die nie-Jode, die herstelling van die evangelie, die skrifture van die*

16*a* GS Vieslik, Vieslikheid.
*b* 1 Ne. 8:13; 15:26–29.
*c* GS Hel.
17*a* 1 Ne. 8:23; 15:24; L&V 10:20–32.
*b* GS Afval.
*c* Matt. 7:13–14.
18*a* 1 Ne. 8:26; 11:35–36.
*b* Jer. 7:24.
*c* GS Hoogmoed.
*d* Lk. 16:26; 1 Ne. 15:28–30.
*e* GS Geregtigheid.
19*a* GS Versoek, Versoeking.
*b* Jarom 1:10; WvM 1:1–2.
21*a* Morm. 8:8; Moro. 1:2. GS Oorlog.
22*a* 1 Ne. 15:13; 2 Ne. 26:15.
23*a* 2 Ne. 26:33.
*b* 2 Ne. 5:20–25.
*c* GS Lui, Luiheid.

*laaste dae wat te voorskyn kom, en*
*die opbouing van Sion. Ongeveer*
*600–592 v.C.*

En dit het gebeur dat die engel
met my gespreek, en gesê het:
Kyk! En ek het gekyk en baie na-
sies en koninkryke gesien.
2 En die engel het vir my gesê:
Wat sien jy? En ek het gesê: Ek
sien baie nasies en koninkryke.
3 En hy het vir my gesê: Hierdie
is die nasies en koninkryke van
die nie-Jode.
4 En dit het gebeur dat ek on-
der die nasies van die [a]nie-Jode
die oprigting van ′n [b]groot kerk
gesien het.
5 En die engel het vir my gesê:
Aanskou die oprigting van ′n
kerk wat gruweliker is as alle an-
der kerke, wat die heiliges van
God [a]doodmaak, ja, en hulle py-
nig en hulle vasbind, en hulle juk
met ′n [b]juk van yster, en hulle af-
bring in slawerny.
6 En dit het gebeur dat ek hier-
die [a]groot en gruwelike kerk aan-
skou het; en ek het die [b]duiwel
gesien, dat hy die stigter daar-
van was.
7 En ek het ook [a]goud, en sil-
wer, en sy, en skarlaken, en fyn-
geweefde linne, en allerhande
kosbare kleding gesien; en ek het
baie hoere gesien.
8 En die engel het met my
gespreek, en gesê: Aanskou die
goud, en die silwer, en die sy,
en die skarlaken, en die fynge-
weefde linne, en die kosbare
kleding, en die hoere, is die [a]be-
geertes van hierdie groot en gru-
welike kerk.
9 En ter wille van die lof van die
wêreld [a]vernietig hulle die heili-
ges van God, en bring hulle af in
slawerny.
10 En dit het gebeur dat ek ge-
kyk en baie waters gesien het; en
hulle het die nie-Jode geskei van
my broers se saad.
11 En dit het gebeur dat die
engel vir my gesê het: Kyk, die
toorn van God is op jou broers se
saad.
12 En ek het gekyk en ′n man on-
der die nie-Jode gesien wat geskei
was van my broers se saad deur
die baie waters; en ek het gesien
hoe die [a]Gees van God neerdaal
en op die man inwerk; en hy het
uitgegaan op die baie waters, en
wel na my broers se saad, wat in
die beloofde land was.
13 En dit het gebeur dat ek die
Gees van God gesien het, dat dit
op ander nie-Jode ingewerk het;
en hulle het uitgegaan uit gevan-
genskap op die baie waters.
14 En dit het gebeur dat ek baie
[a]menigtes van nie-Jode in die
[b]land van belofte gesien het; en
ek het gesien dat die toorn van

**13** 4*a* GS Nie-Jode.
*b* 1 Ne. 13:26, 34; 14:3, 9–17.
5*a* Openb. 17:3–6; 1 Ne. 14:13.
*b* Jer. 28:10–14.
6*a* L&V 88:94. GS Duiwel—Die kerk van die duiwel.
*b* 1 Ne. 22:22–23.
7*a* Morm. 8:36–38.
8*a* Openb. 18:10–24; Morm. 8:35–38.
9*a* Openb. 13:4–7.
12*a* GS Inspirasie, Inspireer.
14*a* 2 Ne. 1:11; Morm. 5:19–20.
*b* GS Beloofde Land.

God op my broers se saad was; en hulle is [c]verstrooi voor die nie-Jode en verslaan.

15 En ek het die Gees van die Here gesien, dat dit oor die nie-Jode was, en hulle was voorspoedig en het die [a]land vir hulle erfenis verkry; en ek het gesien dat hulle wit was, en uitermate skoon en [b]rein, soos my mense voordat hulle [c]doodgemaak is.

16 En dit het gebeur dat ek, Nefi, gesien het dat die nie-Jode wat uitgegaan het uit gevangenskap, hulle verootmoedig het voor die Here; en die mag van die Here was met [a]hulle.

17 En ek het gesien dat hulle moedervolk op die waters versamel was, en ook op land, om te stry teen hulle.

18 En ek het gesien dat die mag van God met hulle was, en ook dat die toorn van God op al diegene was wat teen hulle versamel om oorlog te maak.

19 En ek, Nefi, het gesien dat die nie-Jode wat uitgegaan het uit gevangenskap, [a]verlos is deur die mag van God uit die hande van alle ander nasies.

20 En dit het gebeur dat ek, Nefi, aanskou het dat hulle voorspoedig was in die land; en ek het 'n [a]boek gesien, en dit is uitgedra onder hulle.

21 En die engel het vir my gesê: Ken jy die betekenis van die boek?

22 En ek het vir hom gesê: Ek weet nie.

23 En hy het gesê: Kyk, dit kom voort uit die mond van 'n Jood. En ek, Nefi, het dit gesien; en hy het vir my gesê: Die [a]boek wat jy sien, is 'n [b]kroniek van die [c]Jode, wat die verbonde bevat van die Here wat Hy gesluit het met die huis van Israel; en dit bevat ook baie van die profesieë van die heilige profete; en dit is 'n kroniek soos die graverings wat op die [d]plate van brons is, behalwe dat daar nie so baie is nie; desnieteenstaande, hulle bevat die verbonde van die Here, wat Hy met die huis van Israel gesluit het; daarom is hulle van groot waarde vir die nie-Jode.

24 En die engel van die Here het vir my gesê: Jy het gesien dat die boek voortkom uit die mond van 'n Jood; en toe dit voortgekom het uit die mond van 'n Jood, het dit die volheid bevat van die evangelie van die Here, van wie die twaalf apostels getuienis lewer; en hulle lewer getuienis volgens die waarheid wat in die Lam van God is.

25 Daarom, hierdie dinge gaan in suiwerheid uit vanaf die [a]Jode

14*c* 1 Ne. 22:7–8. GS Israel—Die verstrooiing van Israel.
15*a* 2 Ne. 10:19.
*b* 2 Ne. 5:21.
*c* Morm. 6:17–22.
16*a* L&V 101:80.
19*a* 2 Ne. 10:10–14; 3 Ne. 21:4; Ether 2:12.
20*a* 1 Ne. 14:23.
23*a* 1 Ne. 13:38; 2 Ne. 29:4–12.
*b* GS Skrifture.
*c* 2 Ne. 3:12.
*d* 1 Ne. 5:10–13.
25*a* 2 Ne. 29:4–6; L&V 3:16. GS Jode.

tot die [b]nie-Jode, volgens die waarheid wat in God is.

26 En nadat hulle uitgaan deur die hand van die twaalf apostels van die Lam, vanaf die [a]Jode na die nie-Jode, sien jy die oprigting van daardie [b]groot en gruwelike [c]kerk, wat gruweliker is bo alle ander kerke; want sien, hulle het baie dele [d]weggeneem uit die evangelie van die Lam wat [e]duidelik en uiters kosbaar is; en ook baie verbonde van die Here het hulle weggeneem.

27 En dit alles het hulle gedoen sodat hulle die reguit weë van die Here mag verdraai, sodat hulle die oë mag verblind en die harte mag verhard van die kinders van mense.

28 Daarom sien jy, dat nadat die boek uitgegaan het deur die hande van die groot en gruwelike kerk, dat daar baie eenvoudige en kosbare dinge is wat weggeneem is uit die boek, wat die boek van die Lam van God is.

29 En nadat hierdie duidelike en kosbare dinge weggeneem is, gaan dit uit na al die nie-Joodse nasies; en nadat dit uitgegaan het na al die nasies van die nie-Jode, ja, tot so mate oor die baie waters wat jy by die nie-Jode gesien het wat uitgegaan het uit gevangenskap, dan sien jy—vanweë die baie eenvoudige en kosbare dinge wat weggeneem is uit die boek, wat duidelik was vir die begrip van kinders van mense, volgens die duidelikheid wat in die Lam van God is—vanweë hierdie dinge wat weggeneem is uit die evangelie van die Lam, struikel ʼn uitermate groot getal, ja, sodat Satan groot mag oor hulle het.

30 Desnieteenstaande sien jy hoe die nie-Jode wat uitgegaan het uit gevangenskap, en verhef is deur die mag van God bo alle ander nasies, op die aangesig van die land wat uitverkore is bo alle ander lande, wat die land is waaroor die Here God met jou vader ʼn verbond gesluit het dat sy saad die [a]land van hulle erfenis sou hê; daarom, sien jy dat die Here God nie sal toelaat dat die nie-Jode die [b]vermenging van jou saad wat onder jou broers is, heeltemal sal vernietig nie.

31 Nóg sal Hy toelaat dat die nie-Jode jou broers se saad [a]vernietig.

32 Nóg sal die Here God toelaat dat die nie-Jode vir ewig sal bly in daardie aaklige toestand van blindheid, wat jy sien waarin hulle verkeer, as gevolg van die duidelike en uiters kosbare dele van die evangelie van die Lam wat teruggehou is deur daardie [a]gruwelike kerk waarvan jy die oprigting gesien het.

---

25*b* GS Nie-Jode.
26*a* Matt. 21:43.
*b* 1 Ne. 13:4–6; 14:3, 9–17.
*c* GS Afval—Afvalligheid van die vroeë Christelike kerk.
*d* Morm. 8:33; Moses 1:41.
*e* 1 Ne. 14:20–26; Gel. Art. 1:8.
30*a* GS Beloofde Land.
*b* Alma 45:10–14.
31*a* 2 Ne. 4:7; 10:18–19; Jakob 3:5–9; Hel. 15:12; 3 Ne. 16:8–9; Morm. 5:20–21.
32*a* GS Duiwel—Die kerk van die duiwel.

33 Daarom sê die Lam van God:
Ek sal barmhartig wees teenoor
die nie-Jode, tot die besoeking
van die oorblyfsel van die huis
van Israel met ′n groot oordeel.
34 En dit het gebeur dat die
engel van die Here met my ge-
spreek, en gesê het: Kyk, sê die
Lam van God, nadat Ek die [a]oor-
blyfsel van die huis van Israel be-
soek het—en hierdie oorblyfsel
waarvan Ek spreek, is die saad
van jou vader—daarom, nadat Ek
hulle met oordeel besoek het, en
hulle geteister het deur die hand
van die nie-Jode, en nadat die nie-
Jode uitermate [b]struikel, vanweë
die eenvoudigste en kosbaarste
dele van die [c]evangelie van die
Lam wat teruggehou is deur daar-
die gruwelike kerk, wat die moe-
der van hoere is, sê die Lam—sal
Ek barmhartig wees teenoor die
nie-Jode in daardie dag, sodat
Ek deur my eie mag veel van my
evangelie aan hulle sal [d]voort-
bring, wat eenvoudig en kosbaar
sal wees, sê die Lam.
35 Want kyk, sê die Lam: Ek sal
my openbaar aan jou saad, dat
hulle baie dinge sal skrywe wat
Ek aan hulle sal leer, wat een-
voudig en kosbaar sal wees; en
nadat jou saad vernietig sal word,
en kwyn in ongeloof, asook die
saad van jou broers, kyk, [a]hier-
die dinge sal verberg word om na
vore te kom tot die nie-Jode, deur
die gawe en mag van die Lam.
36 En in hulle sal my [a]evangelie
geskrywe word, sê die Lam, en
my [b]rots en my heil.
37 En [a]salig is hulle wat sal pro-
beer om my [b]Sion in daardie dag
voort te bring, want hulle sal die
[c]gawe en die mag van die Hei-
lige Gees hê; en as hulle [d]volhard
tot die einde toe, sal hulle verhef
word op die laaste dag, en hulle
sal gered word in die ewigdu-
rende [e]koninkryk van die Lam;
en wie ook al [f]vrede sal verkon-
dig, ja, tydings van groot blyd-
skap, hoe lieflik op die berge sal
hulle wees.
38 En dit het gebeur dat ek die
oorblyfsel van my broers se saad
gesien het, en ook die [a]boek van
die Lam van God, wat voortge-
kom het uit die mond van die
Jood, dat dit uitgegaan het vanaf
die nie-Jode [b]na die oorblyfsel van
die saad van my broers.
39 En nadat dit uitgegaan het
na hulle, het ek ander [a]boeke ge-
sien wat uitgegaan het deur die

34 *a* GS Josef, Seun van Jakob.
*b* 1 Ne. 14:1–3; 2 Ne. 26:20.
*c* GS Evangelie.
*d* L&V 10:62. GS Herstelling van die Evangelie.
35 *a* 2 Ne. 27:6; 29:1–2. GS Boek van Mormon.
36 *a* 3 Ne. 27:13–21.
*b* Hel. 5:12; 3 Ne. 11:38–39. GS Rots.
37 *a* L&V 21:9.
*b* GS Sion.
*c* GS Gawe van die Heilige Gees.
*d* 3 Ne. 27:16. GS Volhard.
*e* GS Selestiale Heerlikheid.
*f* Jes. 52:7; Mosia 15:14–18; 3 Ne. 20:40.
38 *a* 1 Ne. 13:23; 2 Ne. 29:4–6.
*b* Morm. 5:15.
39 *a* GS Skrifture—Skrifture wat geprofeteer is om te voorskyn te kom.

mag van die Lam, vanaf die nie-
Jode na hulle toe, tot [b]oortuiging
van die nie-Jode en die oorblyf-
sel van my broers se saad, en ook
die Jode wat verstrooi was oor die
hele aangesig van die aarde, dat
die kronieke van die profete en
van die twaalf apostels van die
Lam [c]waar is.
40 En die engel het met my ge-
spreek, en gesê: Hierdie [a]laaste
kronieke, wat jy gesien het on-
der die nie-Jode, sal die [b]waar-
heid bevestig van die [c]eerste, wat
van die twaalf apostels van die
Lam is, en sal die eenvoudige en
kosbare dinge wat weggeneem
is van hulle bekend maak; en sal
aan alle stamme, tale en volke be-
kend maak, dat die Lam van God
die Seun van die Ewige Vader is,
en die [d]Saligmaker van die wê-
reld; en dat alle mense na Hom
toe moet kom, of hulle kan nie ge-
red word nie.
41 En hulle moet kom volgens
die woorde wat bevestig sal word
deur die mond van die Lam; en
die woorde van die Lam sal in die
kronieke van jou saad bekend ge-
maak word, sowel as in die kro-
nieke van die twaalf apostels van
die Lam; daarom sal hulle albei
tot [a]een bevestig word; want daar
is [b]een God en een [c]Herder oor die
hele aarde.
42 En die tyd kom wanneer Hy
Homself sal openbaar aan alle na-
sies, beide aan die [a]Jode asook aan
die nie-Jode; en nadat Hy Hom-
self openbaar het aan die Jode en
ook aan die nie-Jode, dan sal Hy
Homself openbaar aan die nie-
Jode en ook aan die Jode en die
[b]laaste sal eerste wees, en die [c]eer-
ste sal laaste wees.

## HOOFSTUK 14

*'n Engel vertel vir Nefi van die seëninge en vervloekinge wat oor die nie-Jode sal kom—Daar is net twee kerke: die Kerk van die Lam van God en die kerk van die duiwel—Die Heiliges van God onder alle nasies word vervolg deur die groot en gruwelike kerk—Die Apostel Johannes sal skryf oor die einde van die wêreld. Ongeveer 600–592 v.C.*

EN dit sal gebeur dat as die [a]nie-
Jode op die Lam van God sal ag
slaan op daardie dag wanneer
Hy Homself sal openbaar aan
hulle in woord, en ook in [b]krag,
en magtige dade, om hulle [c]strui-
kelblokke weg te neem—
2 En hulle nie hulle harte ver-
hard teen die Lam van God nie,

---

39 *b* Eség. 37:15–20; 2 Ne. 3:11–12.
*c* 1 Ne. 14:30.
40 *a* 2 Ne. 26:16–17; 29:12. GS Boek van Mormon.
*b* Morm. 7:8–9.
*c* GS Bybel.
*d* Sien die titelbladsy van die Boek van Mormon. Moses 1:6.
41 *a* Eség. 37:17.
*b* Deut. 6:4; Joh. 17:21–23; 2 Ne. 31:21.
*c* GS Goeie Herder.
42 *a* L&V 90:8–9; 107:33; 112:4.
*b* Jakob 5:63.
*c* Lk. 13:30; 1 Ne. 15:13–20.
**14** 1 *a* 3 Ne. 16:6–13. GS Nie-Jode.
*b* 1 Thes. 1:5; 1 Ne. 14:14; Jakob 6:2–3.
*c* Jes. 57:14; 1 Ne. 13:29, 34; 2 Ne. 26:20.

hulle gereken sal word onder jou vader se saad; ja, hulle sal [a]gereken word onder die huis van Israel; en hulle sal vir ewig ʼn [b]geseënde volk wees in die land van belofte; hulle sal nie meer afgebring word in slawerny nie; en die huis van Israel sal nie meer vermeng wees nie.

3 En daardie groot [a]kuil wat gegrawe is vir hulle deur daardie groot en gruwelike kerk, wat gestig is deur die duiwel en sy kinders, sodat hy die siele van mense kan aflei na die hel—ja, daardie groot kuil wat gegrawe is vir die vernietiging van mense, sal gevul word deur hulle wat dit gegrawe het, tot hulle algehele vernietiging, sê die Lam van God; nie die vernietiging van die siel nie, tensy dit gewerp word in daardie [b]hel wat geen einde het nie.

4 Want kyk, dit is volgens die slawerny van die duiwel, en ook volgens die geregtigheid van God, oor almal wat boosheid en gruwels bedryf voor Hom.

5 En dit het gebeur dat die engel met my, Nefi, gespreek, en gesê het: Jy het gesien dat as die nie-Jode bekeer, dit wel sal wees met hulle; en jy weet ook van die verbonde van die Here met die Huis van Israel; en jy het ook gehoor dat hy wat nie bekeer nie moet [a]vergaan.

6 Daarom, [a]wee die nie-Jode as dit so is dat hulle hul harte verhard teen die Lam van God.

7 Want die tyd kom, sê die Lam van God, dat Ek ʼn groot en ʼn [a]wonderbaarlike werk sal bewerkstellig onder die kinders van mense; ʼn werk wat ewigdurend sal wees, óf aan die een kant óf die ander—óf om hulle te oortuig tot vrede en die [b]ewige lewe, óf tot hulle uitlewering aan die hardheid van hulle harte en die blindheid van hulle verstand totdat hulle afgebring word in slawerny, en ook tot vernietiging, beide stoflik en geestelik, volgens die [c]slawerny van die duiwel, waarvan ek gespreek het.

8 En dit het gebeur dat toe die engel hierdie woorde gespreek het, het hy vir my gesê: Onthou jy die [a]verbonde van die Vader met die huis van Israel? Ek het vir hom gesê, Ja.

9 En dit het gebeur dat hy vir my gesê het: Kyk, en aanskou daardie groot en gruwelike kerk wat die moeder is van gruwels, wie se stigter die [a]duiwel is.

10 En hy het vir my gesê: Kyk, daar is net [a]twee kerke; die een is die kerk van die Lam van God,

2 *a* Gal. 3:7, 29; 2 Ne. 10:18–19; 3 Ne. 16:13; 21:6, 22; Abr. 2:9–11.
*b* 2 Ne. 6:12; 10:8–14; 3 Ne. 16:6–7; 20:27.
3 *a* 1 Ne. 22:14; L&V 109:25.
*b* GS Hel; Verdoemenis.
5 *a* GS Bekeer, Bekering.
6 *a* 2 Ne. 28:32.
7 *a* Jes. 29:14; 1 Ne. 22:8; 2 Ne. 27:26; 29:1–2; L&V 4:1. GS Herstelling van die Evangelie.
*b* GS Ewige Lewe.
*c* 2 Ne. 2:26–29; Alma 12:9–11.
8 *a* GS Abraham, Verbond van.
9 *a* 1 Ne. 15:35; L&V 1:35. GS Duiwel.
10 *a* 1 Ne. 22:23.

en die [b]ander is die kerk van die duiwel; daarom, hy wat nie aan die kerk van die Lam van God behoort nie, behoort aan daardie groot kerk, wat die moeder is van gruwels; en sy is die [c]hoer van die hele aarde.

11 En dit het gebeur dat ek gekyk het en die hoer van die hele aarde gesien het, en sy het gesit op baie [a]waters; en [b]sy het heerskappy gehad oor die hele aarde, onder alle nasies, stamme, tale en volke.

12 En dit het gebeur dat ek die kerk van die Lam van God gesien het, en sy getalle was [a]klein, vanweë die boosheid en gruwels van die hoer wat gesit het op baie waters; nietemin, ek het gesien dat die kerk van die Lam, wat die heiliges van God was, ook op die [b]hele aangesig van die aarde was; en hulle heerskappye op die aangesig van die aarde was klein, vanweë die boosheid van die groot hoer wat ek gesien het.

13 En dit het gebeur dat ek gesien het dat die groot moeder van gruwels die menigtes op die aangesig van die hele aarde bymekaar gemaak het, onder al die nasies van die nie-Jode, om te [a]stry teen die Lam van God.

14 En dit het gebeur dat ek, Nefi, die mag van die Lam van God gesien het, dat dit neergedaal het op die heiliges van die kerk van die Lam, en op die verbondsvolk van die Here, wat verstrooi was oor die hele aangesig van die aarde; en hulle was bewapen met regverdigheid, en met die [a]krag van God in groot heerlikheid.

15 En dit het gebeur dat ek gesien het dat die toorn van God [a]uitgestort is op daardie groot en gruwelike kerk, sodat daar oorloë en gerugte van oorloë onder al die [b]nasies en stamme van die aarde was.

16 En omdat daar [a]oorloë en gerugte van oorloë onder al die nasies ontstaan het wat aan die moeder van gruwels behoort het, het die engel met my gespreek, en gesê: Kyk, die toorn van God is op die moeder van hoere; en kyk, jy sien al hierdie dinge—

17 En wanneer die [a]dag kom dat die [b]toorn van God uitgestort word op die moeder van hoere, wat die groot en gruwelike kerk is van die hele aarde, wie se stigter die duiwel is, dan, op daardie dag, sal die [c]werk van die Vader 'n aanvang neem om die weg te berei vir die vervulling van sy [d]verbonde, wat Hy gesluit het met sy volk wat van die huis van Israel is.

10 *b* 1 Ne. 13:4–6, 26.
*c* Openb. 17:5, 15; 2 Ne. 10:16.
11 *a* Jer. 51:13; Openb. 17:15.
*b* L&V 35:11.
12 *a* Matt. 7:14; 3 Ne. 14:14; L&V 138:26.
*b* L&V 90:11.
13 *a* Openb. 17:1–6; 18:24; 1 Ne. 13:5; L&V 123:7–8.
14 *a* Jakob 6:2; L&V 38:32–38.
15 *a* L&V 1:13–14.
*b* Mark. 13:8; L&V 87:6.
16 *a* 1 Ne. 22:13–14; Morm. 8:30.
17 *a* GS Laaste Dae.
*b* 1 Ne. 22:15–16.
*c* 3 Ne. 21:7, 20–29. GS Herstelling van die Evangelie.
*d* Morm. 8:21, 41. GS Abraham, Verbond van.

18 En dit het gebeur dat die
engel met my gespreek, en gesê
het: Kyk!
19 En ek het gekyk en ʼn man ge-
sien, en hy was geklee in ʼn wit
kleed.
20 En die engel het vir my gesê:
Aanskou, [a]een van die twaalf
apostels van die Lam.
21 Kyk, hy sal die oorblywende
dinge sien en neerskrywe; ja, en
ook baie dinge wat was.
22 En hy sal ook aangaande die
einde van die wêreld skrywe.
23 Daarom, die dinge wat hy
sal skrywe is regverdig en waar;
en kyk, hulle is in die [a]boek ge-
skrywe wat jy sien voortkom het
uit die mond van die Jood; in dié
tyd toe hulle voortgekom het uit
die mond van die Jood, of, in die
tyd toe die boek uit die mond van
die Jood voortgekom het, was
die dinge wat geskrywe is, dui-
delik en suiwer, en baie [b]kosbaar
en maklik om te verstaan vir alle
mense.
24 En kyk, die dinge wat hierdie
[a]apostel van die Lam sal skrywe,
is baie dinge wat jy gesien het; en
kyk, jy sal die oorblywende sien.
25 Maar die dinge wat jy hierna
sal sien, moet jy nie skryf nie,
want die Here God het die apos-
tel van die Lam van God geordi-
neer dat hy dit moet [a]skrywe.
26 En ook aan ander wat was,
aan hulle het hy alle dinge getoon,
en hulle het dit neergeskrywe; en
hulle is [a]verseël om voort te kom
in hulle suiwerheid, volgens die
waarheid wat in die Lam is, op
die Here se eie bepaalde tyd, na
die huis van Israel.
27 En ek, Nefi, het gehoor en ek
lewer getuienis dat die naam van
die apostel van die Lam [a]Johan-
nes was, volgens die woord van
die engel.
28 En kyk, ek Nefi, word verbied
om die oorblywende dinge neer
te skrywe wat ek gesien en ge-
hoor het; daarom is die dinge wat
ek geskrywe het vir my genoeg;
en ek het maar ʼn klein gedeelte
neergeskrywe van die dinge wat
ek gesien het.
29 En ek lewer getuienis dat ek
die dinge gesien het wat my [a]va-
der gesien het, en die engel van
die Here het hulle bekend gemaak
aan my.
30 En nou maak ek ʼn einde
daaraan om te spreek aangaande
die dinge wat ek gesien het terwyl
ek weggevoer was in die Gees; en
as al die dinge wat ek gesien het
nie geskryf is nie, is die dinge wat
ek wel geskrywe het [a]waar. En so
is dit. Amen.

## HOOFSTUK 15

*Lehi se saad sal die evangelie ont-
vang van die nie-Jode in die laaste
dae—Die versameling van Israel*

20*a* Openb. 1:1–3; 1 Ne. 14:27.
23*a* 1 Ne. 13:20–24; Morm. 8:33.
*b* 1 Ne. 13:28–32.
24*a* Ether 4:16.
25*a* Joh. 20:30–31; Openb. 1:19.
26*a* 2 Ne. 27:6–23; Ether 3:21–27; 4:4–7; L&V 35:18; JS—G 1:65.
27*a* Openb. 1:1–3.
29*a* 1 Ne. 8.
30*a* 2 Ne. 33:10–14.

*word vergelyk met 'n olyfboom waarvan die natuurlike takke weer geënt sal word—Nefi lê die visioen van die boom van die lewe uit en spreek oor die geregtigheid van God in die skeiding van die bose en die regverdiges. Ongeveer 600–592 v.C.*

En dit het gebeur dat nadat ek, Nefi, in die Gees weggevoer is, en al hierdie dinge gesien het, ek teruggekeer het na my vader se tent.

2 En dit het gebeur dat ek my broers gesien het, en hulle was besig om met mekaar te twis oor die dinge waaroor my vader met hulle gespreek het.

3 Want hy het waarlik baie groot dinge met hulle gespreek, wat moeilik te [a]verstane was, behalwe as 'n mens God sou vra; en omdat hulle verhard was in hulle harte, daarom het hulle hul nie gewend tot die Here soos hulle hoort nie.

4 En nou was ek, Nefi, bedroef oor die hardheid van hulle harte, en ook, vanweë die dinge wat ek gesien het, en geweet het dat hulle onvermydelik moes geskied vanweë die groot boosheid van die kinders van mense.

5 En dit het gebeur dat ek oorstelp was deur my verdrukkinge, want ek het gedink dat my [a]verdrukkinge groter was bo alle ander, vanweë die [b]vernietiging van my volk, want ek het hulle val gesien.

6 En dit het gebeur dat nadat ek [a]krag ontvang het, het ek met my broers gespreek, begerig om te weet wat die oorsaak was van hulle twiste.

7 En hulle het gesê: Kyk, ons kan die woorde van ons vader nie verstaan wat hy aangaande die natuurlike takke van die olyfboom gespreek het, en ook aangaande die nie-Jode nie.

8 En ek het vir hulle gesê: Het julle die Here [a]gevra?

9 En hulle het vir my gesê: Ons het nie; want die Here maak glad nie so iets aan ons bekend nie.

10 Kyk, het ek vir hulle gesê: Hoekom is dit dat julle nie die gebooie van die Here onderhou nie? Hoekom wil julle vergaan, vanweë die [a]hardheid van julle harte?

11 Onthou julle nie die dinge wat die Here gesê het nie?—As julle nie julle harte verhard nie, en My in geloof [a]vra, en glo dat julle sal ontvang, en ywerig my gebooie onderhou, sal hierdie dinge sekerlik bekend gemaak word aan julle.

12 Kyk, ek sê vir julle, dat die huis van Israel vergelyk is met 'n olyfboom, deur die Gees van die Here wat in ons vader was; en kyk, is ons nie afgebreek van die

**15** 3*a* 1 Kor. 2:10–12; Alma 12:9–11.
5*a* GS Teenstand.
*b* Enos 1:13; Morm. 6:1.
6*a* Moses 1:10; JS—G 1:20, 48.
8*a* Mosia 26:13; Alma 40:3. GS Gebed.
10*a* GS Afval.
11*a* Jak. 1:5–6; Enos 1:15; Moro. 7:26; L&V 18:18. GS Vra.

huis van Israel nie, en is ons nie ʼn [a]tak van die huis van Israel nie?

13 En nou, die ding wat ons vader bedoel het met die enting van die natuurlike takke deur middel van die volheid van die nie-Jode, is dat in die laaste dae, wanneer ons saad sal [a]gekwyn het in ongeloof, ja, vir ʼn tydperk van baie jare, en baie geslagte nadat die [b]Messias liggaamlik geopenbaar sal wees aan die kinders van mense, dan sal die volheid van die [c]evangelie van die Messias na die nie-Jode kom, en van die [d]nie-Jode na die oorblyfsel van ons saad—

14 En in daardie dag sal die oorblyfsel van ons [a]saad weet dat hulle van die huis van Israel is en dat hulle die [b]verbondsvolk van die Here is; en dan sal hulle weet en die [c]kennis bekom van hulle voorvaders, en ook die kennis van die evangelie van hulle Verlosser, wat deur Hom bedien is aan hulle vaders, daarom sal hulle die kennis verkry van hulle Verlosser en die juiste punte van sy leer, dat hulle mag weet hoe om na Hom te kom en gered te word.

15 En dan in daardie dag sal hulle hulle nie verbly en hul ewigdurende God loof, hulle [a]rots en hulle heil nie? Ja, in daardie dag, sal hulle nie die krag en die voeding van die ware [b]wingerdstok ontvang nie? Ja, sal hulle nie kom na die ware kudde van God nie?

16 Kyk, ek sê vir julle, Ja; hulle sal onthou word onder die huis van Israel; hulle sal [a]geënt word omdat hulle ʼn natuurlike tak is van die olyfboom, in die ware olyfboom.

17 En dit is wat ons vader bedoel; hy bedoel dat dit nie sal gebeur tot nadat hulle verstrooi is deur die nie-Jode nie, en hy bedoel dat dit sal geskied deur middel van die nie-Jode, sodat die Here sy mag kan toon aan die nie-Jode, om die juiste rede dat Hy [a]verwerp sal word deur die Jode, of deur die huis van Israel.

18 Daarom het ons vader nie alleen gespreek van ons saad nie, maar ook van die hele huis van Israel, met verwysing na die verbond wat vervul sal word in die laaste dae; welke verbond die Here gesluit het met ons vader Abraham deur te sê: In jou [a]saad sal al die stamme van die aarde geseën word.

19 En dit het gebeur dat ek, Nefi, baie aangaande hierdie dinge met hulle gespreek het; ja, ek het met hulle gespreek aangaande die

12 *a* Gén. 49:22–26; 1 Ne. 10:12–14; 19:24. GS Lehi, Vader van Nefi.
13 *a* 1 Ne. 12:22–23; 2 Ne. 26:15.
*b* GS Messias.
*c* GS Evangelie.
*d* 1 Ne. 13:42; 22:5–10; L&V 14:10. GS Nie-Jode.
14 *a* 2 Ne. 10:2; 3 Ne. 5:21–26; 21:4–7.
*b* GS Abraham, Verbond van.
*c* 2 Ne. 3:12; 30:5; Morm. 7:1, 9–10; L&V 3:16–20. Sien ook die titelbladsy van die Boek van Mormon.
15 *a* GS Rots.
*b* Gén. 49:11; Joh. 15:1.
16 *a* Jakob 5:60–68.
17 *a* GS Kruisiging.
18 *a* Gén. 12:1–3; Abr. 2:6–11.

[a]herstelling van die Jode in die laaste dae.

20 En ek het die woorde van [a]Jesaja aan hulle herhaal, wat gespreek het aangaande die herstelling van die Jode, of van die huis van Israel; en nadat hulle herstel is, sou hulle nie langer vermeng word nie, ook sou hulle nie weer verstrooi word nie. En dit het gebeur dat ek baie woorde met my broers gespreek het, sodat hulle gekalmeer is en hulle [b]verootmoedig het voor die Here.

21 En dit het gebeur dat hulle weer met my gespreek en gesê het: Wat beteken hierdie ding wat ons vader gesien het in ′n droom? Wat beteken die [a]boom wat hy gesien het?

22 En ek het vir hulle gesê: Dit was ′n voorstelling van die [a]boom van die lewe.

23 En hulle het vir my gesê: Wat beteken die [a]staaf van yster wat ons vader gesien het, wat na die boom gelei het?

24 En ek het vir hulle gesê dat dit die [a]woord van God is; en wie ook al sou ag slaan op die woord van God, en daaraan [b]vashou, hulle sou nooit vergaan nie; ook kon die [c]versoekings en die vurige [d]pyle van die [e]teenstander hulle nie oorweldig tot blindheid, en hulle weglei tot vernietiging nie.

25 Daarom het ek, Nefi, hulle vermaan om [a]ag te slaan op die woord van die Here; ja, ek het hulle vermaan met al die energie van my siel, en met al die vermoëns wat ek besit het dat hulle ag sou slaan op die woord van God en onthou om altyd sy gebooie te onderhou in alle dinge.

26 En hulle het vir my gesê: Wat beteken die [a]rivier van water wat ons vader gesien het?

27 En ek het vir hulle gesê dat die [a]water wat my vader gesien het, [b]vieslikheid was; en dat sy verstand so in beslag geneem was met ander dinge, dat hy nie die vieslikheid van die water gesien het nie.

28 En ek het vir hulle gesê dat dit ′n vreeslike [a]kloof was wat die bose van die boom van die lewe geskei het, en ook van die heiliges van God.

29 En ek het vir hulle gesê dat dit ′n voorstelling was van daardie verskriklike [a]hel wat die engel vir my gesê het, berei was vir die bose.

30 En ek het vir hulle gesê dat ons vader ook gesien het dat die

19*a* 1 Ne. 19:15. GS Israel—Die versameling van Israel.
20*a* 1 Ne. 19:23.
*b* 1 Ne. 16:5, 24, 39.
21*a* 1 Ne. 8:10–12.
22*a* 1 Ne. 11:4, 25; Moses 3:9.
23*a* 1 Ne. 8:19–24.
24*a* GS Woord van God.
*b* 1 Ne. 8:30; 2 Ne. 31:20.
*c* 1 Ne. 8:23. GS Versoek, Versoeking.
*d* Efés. 6:16; L&V 3:8; 27:17.
*e* GS Duiwel.
25*a* L&V 11:2; 32:4; 84:43–44.
26*a* 1 Ne. 8:13.
27*a* 1 Ne. 12:16.
*b* GS Vieslik, Vieslikheid.
28*a* Lk. 16:26; 1 Ne. 12:18; 2 Ne. 1:13.
29*a* GS Hel.

[a]geregtigheid van God ook die
bose van die regverdiges geskei
het; en die helderheid daarvan
was soos die helderheid van ′n
vlammende vuur, wat opstyg tot
God vir ewig en ewig, en geen
einde het nie.
31 En hulle het vir my gesê: Be-
teken hierdie ding die pyniging
van die liggaam gedurende die
dae van [a]toetsing, of beteken dit
die uiteindelike toestand van die
siel na die [b]dood van die stoflike
liggaam, of spreek dit van die
dinge wat stoflik is?
32 En dit het gebeur dat ek vir
hulle gesê het dat dit ′n voorstel-
ling was van dinge beide stof-
lik en geestelik; want die dag sal
kom dat hulle geoordeel moet
word volgens hulle [a]werke, ja,
en wel die werke wat gedoen is
deur die stoflike liggaam tydens
hulle dae van toetsing.
33 Daarom, as hulle sou [a]sterwe
in hulle boosheid, moet hulle
[b]verwerp word, ook wat die
geestelike dinge betref, wat be-
trekking het op regverdigheid;
daarom, hulle moet gebring
word om voor God te staan,
om [c]geoordeel te word volgens
hulle [d]werke; en as hulle werke
vieslikheid was, moet hulle
noodwendig ook [e]vieslik wees;
en as hulle vieslik is kan hulle
nie in die koninkryk van God
[f]woon nie; indien wel, sal die
koninkryk van God ook vieslik
wees.
34 Maar kyk, ek sê vir julle, dat
die koninkryk van God nie [a]vies-
lik is nie, en daar kan geen onrein
ding die koninkryk van God bin-
negaan nie; daarom moet daar
noodwendig ′n plek van vieslik-
heid wees wat berei is vir dit wat
vieslik is.
35 En daar is ′n plek berei, ja,
en wel daardie verskriklike [a]hel
waarvan ek gespreek het, en
die [b]duiwel is die voorbereider
daarvan; daarom die uiteinde-
like toestand van die siele van
mense is om te woon in die ko-
ninkryk van God, of om uitge-
werp te word vanweë daardie
[c]geregtigheid waarvan ek ge-
spreek het.
36 Daarom, die bose word ge-
skei van die regverdiges, en ook
van daardie [a]boom van die lewe,
waarvan die vrugte uiters kos-
baar en [b]begeerliker is bo alle
ander vrugte; ja, en dit is die
[c]grootste van al die [d]gawes van
God. En so het ek met my broers
gespreek. Amen.

30 *a* GS Geregtigheid.
31 *a* Alma 12:24; 42:10; Hel. 13:38.
*b* Alma 40:6, 11–14.
32 *a* GS Werke.
33 *a* Mosia 15:26; Moro. 10:26.
*b* Alma 12:12–16; 40:26.
*c* GS Oordeel, Die Laaste.
*d* 3 Ne. 27:23–27.
*e* 2 Ne. 9:16; L&V 88:35.
*f* Ps. 15; 24:3–4; Alma 11:37; L&V 76:50–70; Moses 6:57.
34 *a* GS Vieslik, Vieslikheid.
35 *a* 2 Ne. 9:19; Mosia 26:27. GS Hel.
*b* 1 Ne. 14:9; L&V 1:35.
*c* GS Geregtigheid.
36 *a* Gén. 2:9; 2 Ne. 2:15.
*b* 1 Ne. 8:10–12; Alma 32:42.
*c* L&V 6:13.
*d* L&V 14:7. GS Ewige Lewe.

## HOOFSTUK 16

*Die bose vind die waarheid moeilik aanvaarbaar—Lehi se seuns trou met die dogters van Ismael—Die Liahona wys hulle die weg aan in die wildernis—Boodskappe van die Here word van tyd tot tyd op die Liahona geskryf—Ismael sterf; sy gesin murmureer as gevolg van verdrukkinge. Ongeveer 600–592 v.C.*

EN nou het dit gebeur dat nadat
ek, Nefi, ʼn einde daaraan gemaak
het om met my broers te spreek,
sien, het hulle vir my gesê: Jy het
harde dinge aan ons verkondig,
meer as wat ons in staat is om te
verduur.
2 En dit het gebeur dat ek vir
hulle gesê het dat ek weet dat ek
harde dinge gespreek het teen
die bose, volgens die waarheid;
en dat ek die regverdiges geregverdig
het, en getuig het dat hulle
verhef sou word op die laaste
dag; daarom ag die [a]skuldiges die
[b]waarheid as hard, want dit [c]sny
hulle tot in die murg.
3 En nou, my broers, as julle regverdig
was en gewillig was om ag
te slaan op die waarheid, en gehoor
te gee daaraan, dat julle mag
[a]wandel in opregtheid voor God,
dan sou julle nie murmureer vanweë
die waarheid nie, en sê: Jy
spreek harde dinge teenoor ons.
4 En dit het gebeur dat ek, Nefi,
my broers vermaan het met alle
ywer, om die gebooie van die
Here te onderhou.
5 En dit het gebeur dat hulle hul
[a]verootmoedig het voor die Here
tot so ʼn mate dat ek blydskap en
groot hoop gehad het vir hulle,
dat hulle sou wandel in die weë
van regverdigheid.
6 Nou, al hierdie dinge is gesê
en gedoen terwyl my vader in ʼn
tent gewoon het in die vallei wat
hy Lemuel genoem het.
7 En dit het gebeur dat ek, Nefi,
een van die [a]dogters van Ismael
tot vrou geneem het; en ook my
broers het van die dogters van
Ismael tot [b]vrou geneem; en ook
[c]Soram het die oudste dogter van
Ismael tot vrou geneem.
8 En so het my vader al die gebooie
uitgevoer van die Here wat
aan hom gegee was, en ook ek,
Nefi, was uitermate geseën deur
die Here.
9 En dit het gebeur dat die stem
van die Here in die nag met my
vader gespreek het en hom gebied
het om die volgende dag sy
reis in die wildernis voort te sit.
10 En dit het gebeur dat toe my
vader die oggend opstaan, en uitgaan
na die tentdeur, sien hy tot
sy groot verbasing op die grond
ʼn ronde [a]bal van sonderlinge

**16** 2*a* Joh. 3:20; 2 Ne. 33:5; Enos 1:23; Hel. 14:10. GS Skuld.
*b* Spr. 15:10; 2 Ne. 1:26; 9:40; Hel. 13:24–26.
*c* Hand. 5:33; Mosia 13:7.
3*a* L&V 5:21. GS Wandel, Wandel met God.
5*a* 1 Ne. 16:24, 39; 18:4.
7*a* 1 Ne. 7:1.
*b* GS Huwelik, Trou.
*c* 1 Ne. 4:35; 2 Ne. 5:5–6.
10*a* Alma 37:38–46. GS Liahona.

vakmanskap; en dit was van suiwer brons. En binne-in die bal was daar twee asse; en die een het in die rigting gewys waarheen ons moes gaan in die wildernis.
11 En dit het gebeur dat ons alles bymekaar gemaak het wat ons moes saamneem in die wildernis, en al die res van ons lewensmiddele wat die Here aan ons gegee het; en ons het saad geneem van alle soorte, sodat ons dit kon saamneem in die wildernis.
12 En dit het gebeur dat ons ons tente geneem en die wildernis binnegetrek het, oor die Lamanrivier.
13 En dit het gebeur dat ons vir 'n tydperk van vier dae lank gereis het, ongeveer in 'n suidsuidoostelike rigting, en ons het ons tente weer opgeslaan; en ons het die plek Sjaser genoem.
14 En dit het gebeur dat ons ons pyle en boë geneem, en die wildernis binnegegaan het om voedsel vir ons gesinne dood te maak; en nadat ons voedsel vir ons gesinne doodgemaak het, het ons weer teruggekeer na ons gesinne in die wildernis, na die plek Sjaser. En ons het weer die wildernis binnegetrek terwyl ons dieselfde rigting volg, en gebly het in die vrugbaarste dele van die wildernis, wat geleë was aan die grense naby die [a]Rooi See.
15 En dit het gebeur dat ons vir 'n tydperk van baie dae lank gereis het, terwyl ons voedsel langs die pad doodgemaak het, met ons pyle en boë en ons klippe en ons slingers.
16 En ons het die [a]aanwysings van die bal gevolg, wat ons gelei het in die vrugbaarder dele van die wildernis.
17 En nadat ons vir 'n tydperk van baie dae gereis het, het ons ons tente opgeslaan vir 'n tydlank sodat ons weer kon rus en voedsel kon bekom vir ons gesinne.
18 En dit het gebeur dat terwyl ek, Nefi, uitgegaan het om voedsel te bekom, kyk, ek het my boog gebreek, wat gemaak was van suiwer [a]staal; en nadat ek my boog gebreek het, kyk, my broers was kwaad vir my oor die verlies van my boog, want ons het geen kos bekom nie.
19 En dit het gebeur dat ons sonder kos teruggekeer het na ons gesinne, en omdat hulle baie moeg was, as gevolg van die reis, het hulle baie gely weens die gebrek aan kos.
20 En dit het gebeur dat Laman en Lemuel en die seuns van Ismael uitermate begin murmureer het, vanweë hulle lydings en verdrukkinge in die wildernis, en ook my vader het begin murmureer teen die Here sy God; ja, en hulle was almal uitermate bedroef sodat hulle gemurmureer het teen die Here.
21 Nou het dit gebeur dat ek, Nefi, omdat ek gely het saam met my broers vanweë die verlies van

14*a* L&V 17:1.
16*a* 1 Ne. 16:10, 16, 26; 18:12; Alma 37:38–46.
18*a* 2 Sam. 22:35.

my boog, en omdat hulle boë hul
veerkrag verloor het, het dit ui-
termate moeilik begin word; ja,
in soverre dat ons geen kos kon
bekom nie.
22 En dit het gebeur dat ek, Nefi,
baie met my broers gespreek het
omdat hulle weer hul harte ver-
hard het, tot so 'n mate dat hulle
[a]gekla het teen die Here hulle
God.
23 En dit het gebeur dat ek,
Nefi, 'n boog van hout gemaak
het, en uit 'n reguit stok 'n pyl;
daarom, ek het myself bewapen
met 'n boog en pyl, 'n slinger en
met klippe. En ek het vir my [a]va-
der gesê: Waarheen sal ek gaan
om voedsel te bekom?
24 En dit het gebeur dat hy vir
die Here [a]gevra het, want hulle
het hulle verootmoedig vanweë
my woorde; want ek het baie
dinge aan hulle gesê in die ener-
gie van my siel.
25 En dit het gebeur dat die stem
van die Here tot my vader gekom
het; en hy was waarlik [a]gekasty as
gevolg van sy murmerering teen
die Here, tot so 'n mate dat hy
afgebring is tot die dieptes van
droefheid.
26 En dit het gebeur dat die stem
van die Here vir hom gesê het:
Kyk na die bal, en sien die dinge
wat geskrywe is.
27 En dit het gebeur dat toe my
vader die dinge sien wat daar op
die bal geskrywe staan, het hy
gevrees en uitermate gebewe, en
ook my broers en die seuns van
Ismael en ons vroue.
28 En dit het gebeur dat ek, Nefi,
die wysers gesien het wat in die
bal was, dat hulle gewerk het oor-
eenkomstig die [a]geloof en ywer
en die gehoor wat ons aan hulle
gegee het.
29 En daar was ook op hulle 'n
nuwe skrywe, wat duidelik ge-
lees kon word, wat ons [a]insig ge-
gee het in die weë van die Here;
en dit is geskryf en verander van
tyd tot tyd, volgens die geloof en
ywer wat ons daaraan gegee het.
En so sien ons dat die Here deur
[b]geringe middele groot dinge te-
weeg kan bring.
30 En dit het gebeur dat ek, Nefi,
na die berg se top gegaan het vol-
gens die aanwysings wat op die
bal aangegee is.
31 En dit het gebeur dat ek wilde
diere doodgemaak het, sodat ek
voedsel vir ons gesinne bekom
het.
32 En dit het gebeur dat ek na
ons tente teruggekeer het, terwyl
ek die diere dra wat ek doodge-
maak het; en nou toe hulle sien
dat ek voedsel bekom het, hoe
groot was hulle blydskap! En
dit het gebeur dat hulle hul ver-
ootmoedig het voor die Here, en
dank betuig het aan Hom.
33 En dit het gebeur dat ons

22*a* Ex. 16:8; Núm. 11:1.
23*a* Ex. 20:12; Mosia 13:20.
24*a* GS Gebed.
25*a* Ether 2:14. GS Kasty, Kastyding.
28*a* Alma 37:40. GS Geloof, Glo.
29*a* GS Begrip.
*b* 2 Kon. 5:13; Jak. 3:4; Alma 37:6–7, 41; L&V 123:16.

weer ons reis voortgesit het, terwyl ons in ongeveer dieselfde rigting reis as in die begin; en nadat ons vir ʼn tydperk van baie dae lank gereis het, het ons weer ons tente opgeslaan, sodat ons vir ʼn tydlank kon vertoef.

34 En dit het gebeur dat [a]Ismael gesterwe het, en begrawe is op die plek wat Nahom genoem is.

35 En dit het gebeur dat die dogters van Ismael uitermate getreur het vanweë die verlies van hulle vader, en vanweë hulle [a]verdrukkinge in die wildernis; en hulle het gemurmureer teen my vader omdat hy hulle uit die land Jerusalem gebring het, en gesê het: Ons vader is dood; ja, en ons het baie geswerwe in die wildernis, en ons het baie verdrukkinge gely, honger, dors en uitputting; en na al hierdie lyding moet ons in die wildernis van honger omkom.

36 En aldus het hulle gemurmureer teen my vader en ook teen my; en hulle was begerig om weer na Jerusalem terug te keer.

37 En Laman het vir Lemuel gesê, en ook vir die seuns van Ismael: Kyk, laat ons ons vader [a]doodmaak, en ook ons broer Nefi, wat dit op hom geneem het om ons, wat sy ouer broers is, se [b]heerser en leraar te wees.

38 Nou, hy sê dat die Here met hom gepraat het, en ook dat [a]engele hom bedien het. Maar kyk, ons weet dat hy vir ons lieg; en hy vertel vir ons hierdie dinge, en hy doen baie dinge deur sy lis, sodat hy ons oë mag bedrieg, dinkende miskien, dat hy vir ons kan weglei na een of ander vreemde wildernis; en nadat hy ons weggelei het, het hy gedink om homself ʼn koning en ʼn heerser oor ons te maak, sodat hy met ons kan maak volgens sy wil en behae. En op hierdie wyse het my broer Laman hul harte tot toorn opgestook.

39 En dit het gebeur dat die Here met ons was, ja, en die stem van die Here het gekom en baie woorde met hulle gespreek, en hulle uitermate [a]gekasty; en nadat hulle deur die stem van die Here gekasty is, het hulle hul toorn afgewend, en het bekeer van hulle sondes sodat die Here ons weer met voedsel geseën het sodat ons nie vergaan het nie.

## HOOFSTUK 17

*Nefi word gebied om ʼn skip te bou—Sy broers staan hom teen—Hy vermaan hulle deur die geskiedenis van God se handelinge met Israel te verhaal—Nefi is gevul met die mag van God—Sy broers word verbied om hom aan te raak uit vrees dat hulle soos ʼn riet sal verdroog. Ongeveer 592–591 v.C.*

En dit het gebeur dat ons weer op reis gegaan het in die wildernis;

34*a* 1 Ne. 7:2–6.
35*a* GS Teenstand.
37*a* 1 Ne. 17:44.
GS Moord.
*b* Gén. 37:9–11;
1 Ne. 2:22; 18:10.
38*a* 1 Ne. 3:30–31; 4:3.
39*a* GS Kasty, Kastyding.

en ons het ongeveer ooswaarts gereis van daardie tyd af. En ons het gereis en deur baie verdrukking geworstel in die wildernis; en ons vroue het kinders gebaar in die wildernis.

2 En so groot was die seëninge van die Here oor ons, dat terwyl ons gelewe het van [a]rou vleis in die wildernis, het ons vroue hulle kinders baie gesoog, en was sterk, ja, en wel soos die mans; en hulle het begin om hulle reise te verdra sonder murmurerings.

3 En so sien ons dat die gebooie van die Here uitgevoer moet word. En as dit so sou wees dat die kinders van mense God se gebooie [a]onderhou, voed Hy hulle, en versterk hulle, en voorsien die middele waardeur hulle die ding kan uitvoer wat Hy hulle gebied het; daarom, Hy het middele aan ons [b]voorsien terwyl ons in die wildernis gebly het.

4 En ons het vir ′n tydperk van baie jare lank in die wildernis gebly, ja, en wel agt jaar in die wildernis.

5 En ons het gekom by die land wat ons Oorvloed genoem het vanweë sy baie vrugte en ook wilde heuning; en al hierdie dinge is berei deur die Here sodat ons nie mag vergaan nie. En ons het die see gesien, wat ons Irreantoem genoem het, wat, wanneer dit vertaal word, baie waters beteken.

6 En dit het gebeur dat ons ons tente opgeslaan het op die strand; en nieteenstaande ons baie [a]verdrukkinge ondervind het en baie moeilikhede, ja, soveel dat ons hulle nie almal kan neerskryf nie, was ons uitermate verbly toe ons by die strand kom; en ons het die plek Oorvloed genoem, vanweë sy baie vrugte.

7 En dit het gebeur dat nadat ek, Nefi, vir ′n tydperk van baie dae lank in die land Oorvloed was, het die stem van die Here na my gekom, en gesê het: Staan op, en bestyg die berg. En dit het gebeur dat ek opgestaan en die berg bestyg het, en geroep het tot die Here.

8 En dit het gebeur dat die Here met my gespreek en gesê het: Jy moet ′n skip bou volgens die [a]wyse wat Ek jou sal toon, sodat Ek jou mense kan wegbring oor hierdie waters.

9 En ek het gesê: Here, waarheen sal ek gaan om erts te vind om te smelt, sodat ek gereedskap mag maak om die skip te bou volgens die wyse wat U my getoon het?

10 En dit het gebeur dat die Here my vertel het waarheen ek moes gaan om erts te vind, sodat ek gereedskap kon maak.

11 En dit het gebeur dat ek, Nefi, ′n blaasbalk van velle van diere gemaak het om die vuur mee aan te blaas; en nadat ek ′n blaasbalk gemaak het, sodat ek iets kon hê

**17** 2*a* 1 Ne. 17:12.
3*a* Mosia 2:41; Alma 26:12.
GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
*b* 1 Ne. 3:7.
6*a* 2 Ne. 4:20.
8*a* 1 Ne. 18:2.

om die vuur mee aan te blaas, het ek twee klippe teen mekaar gekap sodat ek vuur kon maak.

12 Want die Here het tot dusver ons nie toegelaat om baie vuur te maak, terwyl ons gereis het in die wildernis nie; want Hy het gesê: Ek sal julle kos smaaklik maak sodat julle dit nie hoef te [a]kook nie;

13 En Ek sal ook jul lig in die wildernis wees; en Ek sal die weg voor jul [a]berei as dit so sou wees dat jul my gebooie sal onderhou: daarom, in soverre julle my gebooie onderhou, sal julle gelei word na die [b]beloofde land; en julle sal [c]weet dat dit deur My is dat julle gelei word.

14 Ja, en die Here het ook gesê dat: Nadat julle aangekom het in die beloofde land, sal julle [a]weet dat Ek, die Here, [b]God is; en dat Ek, die Here, julle gered het van vernietiging; ja, dat Ek julle uitgebring het uit die land Jerusalem.

15 Daarom ek, Nefi, het probeer om die Here se gebooie te onderhou, en ek het my broers vermaan tot getrouheid en ywer.

16 En dit het gebeur dat ek gereedskap van die erts gemaak het wat ek gesmelt het uit die rots.

17 En toe my broers gesien het dat ek op die punt was om ʼn skip te [a]bou, het hulle begin murmureer teen my, en het gesê: Ons broer is ʼn dwaas, want hy dink dat hy ʼn skip kan bou; ja, en hy dink ook dat hy hierdie groot waters kan oorsteek.

18 En so het my broers gekla teen my, en was begerig dat hulle nie hoef te werk nie, want hulle het nie geglo dat ek ʼn skip kon bou nie; ook wou hulle nie glo dat ek onderrig is deur die Here nie.

19 En nou het dit gebeur dat ek Nefi, uitermate bedroef was vanweë die hardheid van hulle harte; en nou toe hulle sien dat ek begin het om bedroef te word, was hulle [a]verheug in hulle harte, sodanig dat hulle hul oor my verbly, en gesê het: Ons het geweet dat jy nie ʼn skip kon bou nie, want ons het geweet dat jy oordeel kortkom; daarom, jy kan nie so ʼn groot taak uitvoer nie.

20 En jy is soos ons vader, weggelei deur die dwase [a]inbeeldinge van sy hart; ja, hy het ons uitgelei uit die land Jerusalem en ons het rondgeswerwe al hierdie jare in die wildernis en ons vroue het gearbei terwyl hulle groot met kind was; en hulle het kinders gebaar in die wildernis en alle dinge gely, behalwe die dood; en dit sou beter gewees het as hulle gesterwe het voordat hulle uit Jerusalem uitgekom het as om hierdie verdrukkinge te ly.

21 Kyk, al hierdie jare het ons gely in die wildernis; gedurende welke tyd ons ons besittings kon geniet het en die land van ons

12*a* 1 Ne. 17:2.
13*a* Alma 37:38–39.
*b* 1 Ne. 2:20; Jakob 2:12.
*c* Ex. 6:7.
14*a* 2 Ne. 1:4. GS Getuienis.
*b* L&V 5:2.
17*a* 1 Ne. 18:1–6.
19*a* GS Vervolg, Vervolging.
20*a* 1 Ne. 2:11.

erfenis; ja, en ons kon gelukkig
gewees het.
22 En ons weet dat die volk wat
in die land Jerusalem was, 'n [a]reg-
verdige volk was; want hulle het
die insettinge en wette onderhou
van die Here, en al sy gebooie vol-
gens die wet van Moses; daarom
weet ons dat hulle 'n regverdige
volk is; en ons vader het hulle ver-
oordeel, en het ons weggelei om-
dat ons op sy woorde ag geslaan
het; ja, en ons broer is soos hy. En
volgens hierdie wyse van spraak
het my broers gemurmureer en
gekla teen ons.
23 En dit het gebeur dat ek, Nefi,
met hulle gespreek het, en gesê
het: Glo julle dat ons vaders, wat
die kinders van Israel was, uitge-
lei sou gewees het uit die hande
van die Egiptenaars as hulle nie
ag geslaan het op die woorde van
die Here nie?
24 Ja, veronderstel julle dat hulle
uit slawerny uitgelei sou gewees
het, as die Here Moses nie gebied
het om hulle uit slawerny te [a]lei
nie?
25 Nou weet julle dat die kin-
ders van Israel in [a]slawerny ver-
keer het; en julle weet dat hulle
[b]take opgelê was wat swaar was
om te verdra; daarom, julle weet
dat dit noodwendig 'n goeie ding
moes gewees het vir hulle dat
hulle uitgelei moes word uit sla-
werny.
26 Nou weet julle dat [a]Moses ge-
bied is deur die Here om daardie
groot werk te doen; en julle weet
dat die Rooi See op sy [b]bevel hier-
natoe en daarnatoe verdeel het,
en dat hulle deurgegaan het op
droë grond.
27 Maar julle weet dat die Egip-
tenare verdrink het in die Rooi
See, wat die leërs van Farao was.
28 En julle weet ook dat hulle
gevoed is met [a]manna in die wil-
dernis.
29 Ja, en julle weet ook dat Mo-
ses, deur middel van sy bevel
volgens die mag van God wat in
hom was, die rots [a]geslaan het,
en daar het water uitgekom, so-
dat die kinders van Israel hulle
dors kon les.
30 En alhoewel hulle gelei
is, terwyl die Here hulle God,
hulle Verlosser, hulle vooruit-
gegaan het, en hulle bedags ge-
lei en snags lig gegee het, en alle
dinge vir hulle gedoen het wat
vir 'n mens [a]raadsaam was om te
ontvang, het hulle hul harte ver-
hard en hul verstand verblind, en
[b]uitgevaar teen Moses en teen die
ware en lewende God.
31 En dit het gebeur dat volgens

22*a* 1 Ne. 1:13.
24*a* Ex. 3:2–10; 1 Ne. 19:10; 2 Ne. 3:9; 25:20.
25*a* Gén. 15:13–14.
*b* Ex. 1:11; 2:11.
26*a* Hand. 7:22–39.
*b* Ex. 14:21–31; 1 Ne. 4:2; Mosia 7:19; Hel. 8:11; L&V 8:3; Moses 1:25.
28*a* Ex. 16:4, 14–15, 35; Núm. 11:7–8; Deut. 8:3; Mosia 7:19.
29*a* Ex. 17:6; Núm. 20:11; Deut. 8:15; 1 Ne. 20:21.
30*a* L&V 18:18; 88:64–65.
*b* Ex. 32:8; Núm. 14:2–3; Eség. 20:13–16; L&V 84:23–25.

sy woord het Hy hulle [a]vernietig,
en volgens sy woord het Hy hulle
[b]gelei; en volgens sy woord het
Hy alle dinge gedoen vir hulle;
en niks is gedoen tensy deur sy
woord nie.
32 En nadat hulle die Jordaan-
rivier oorgesteek het, het Hy hulle
sterk gemaak sodat hulle die kin-
ders van die land kon [a]verdrywe,
ja, en hulle verstrooi het tot ver-
nietiging.
33 En nou, glo julle dat die kin-
ders van hierdie land, wat in die
land van belofte was, wat ver-
drywe is deur ons vaders, veron-
derstel julle dat hulle regverdig
was? Kyk, ek sê vir julle, Nee.
34 Veronderstel julle dat ons va-
ders veel beter sou gewees het as
hulle, as hulle regverdig was? Ek
sê vir julle, Nee.
35 Kyk, die Here ag alle [a]vlees
as een; hy wat [b]regverdig is word
[c]begunstig deur God. Maar kyk,
hierdie volk het elke woord van
God verwerp, en hulle was ryp
in ongeregtigheid; en die vol-
heid van die toorn van God was
op hulle; en die Here het die
land vervloek teen hulle en dit
geseën vir ons vaders; ja, Hy het
dit vervloek teen hulle tot hulle
vernietiging, en Hy het dit geseën
aan ons vaders sodat hulle mag
daaroor verkry het.
36 Kyk, die Here het die [a]aarde
[b]geskape sodat dit [c]bewoon moes
word; en Hy het sy kinders ge-
skape sodat hulle dit moes besit.
37 En Hy [a]wek 'n regverdige na-
sie op, en vernietig die nasies van
die bose.
38 En Hy lei die regverdiges
weg na begeerlike [a]lande, en die
bose [b]vernietig Hy, en vervloek
die land vanweë hulle.
39 Hy heers hoog in die hemele,
want dit is sy troon, en hierdie
aarde is sy [a]voetbank.
40 En Hy het diegene lief wat
Hom as hulle God wil hê. Kyk,
Hy het ons vaders liefgehad, en
'n [a]verbond met hulle gesluit, ja,
naamlik Abraham, en [b]Isak, en [c]Ja-
kob; en Hy het die verbonde ont-
hou wat Hy gesluit het; daarom
het Hy hulle uitgebring uit [d]Egip-
teland.
41 En Hy het hulle gekasty in die
woestyn met sy roede; want hulle
het hul harte [a]verhard, net soos
julle; en die Here het hulle ge-
kasty vanweë hul ongeregtigheid.
Hy het vurige vlieënde [b]slange
ingestuur onder hulle; en nadat

31 *a* Núm. 26:65.
*b* 1 Ne. 5:15; L&V 103:16–18.
32 *a* Núm. 33:52–53; Jos. 24:8.
35 *a* Hand. 10:15, 34; Rom. 2:11; 2 Ne. 26:23–33.
*b* Ps. 55:23; 1 Ne. 22:17.
*c* 1 Sam. 2:30; Ps. 97:10; 145:20; Alma 13:4; L&V 82:10.
36 *a* GS Aarde.
*b* GS Skep, Skepping.
*c* Jes. 45:18; Abr. 3:24–25.
37 *a* Spr. 14:34; 1 Ne. 4:13; Ether 2:10; L&V 117:6.
38 *a* GS Beloofde Land.
*b* Lev. 20:22.
39 *a* Jes. 66:1; L&V 38:17; Abr. 2:7.
40 *a* GS Abraham, Verbond van.
*b* Gén. 21:12; L&V 27:10.
*c* Gén. 28:1–5.
*d* Deut. 4:37.
41 *a* 2 Kon. 17:7–23.
*b* Núm. 21:4–9; Deut. 8:15; Alma 33:18–22.

hulle gebyt is, het Hy ′n weg berei dat hulle [c]genees mag word; en die moeite wat hulle moes doen, was om te kyk; en vanweë die [d]eenvoud van die weg, of die gemaklikheid daarvan, was daar baie wat gesterwe het.

42 En hulle het hul harte verhard van tyd tot tyd, en hulle het [a]uitgevaar teen [b]Moses en ook teen God; desnieteenstaande, julle weet dat hulle deur sy ongeëwenaarde mag die land van belofte binnegelei is.

43 En nou, na al hierdie dinge, het die tyd gekom dat hulle boos geword het, ja, byna tot rypheid toe; en ek weet nie of hulle op die punt staan om vandag vernietig te word nie, want ek weet dat die dag sekerlik moet kom wanneer hulle vernietig moet word, behalwe ′n paar, wat weggelei sal word in slawerny.

44 Daarom, die Here het my vader [a]gebied om in die wildernis in te trek; en die Jode het ook gesoek om sy lewe te neem; ja, en [b]julle het ook gesoek om sy lewe te neem; daarom, julle is moordenaars in julle harte en julle is soos hulle.

45 Julle is [a]gou om ongeregtigheid te doen, maar traag om die Here julle God te onthou. Julle het ′n [b]engel gesien, en hy het met julle gespreek; ja, julle het sy stem gehoor van tyd tot tyd; en hy het met julle gespreek met ′n stil klein stemmetjie, maar julle was nie tot [c]gevoel in staat nie, sodat julle sy woorde nie kon voel nie; daarom, hy het met julle gespreek soos met ′n donderstem, wat die aarde laat skud het asof dit uitmekaar sou breek.

46 En julle weet ook dat deur die [a]krag van sy almagtige woord kan Hy veroorsaak dat die aarde verbygaan; ja, en julle weet dat deur sy woord Hy die ruwe plekke gelyk kan maak, en die gelyke plekke sal opgebreek word. O dan, waarom is dit, dat julle so hard kan wees in julle harte?

47 Kyk, my siel word verskeur deur smart vanweë julle, en my hart is gepynig; ek vrees dat julle vir ewig verwerp sal word. Kyk, ek is [a]vol van die Gees van God, in soverre dat my gestalte geen [b]krag het nie.

48 En nou het dit gebeur dat toe ek hierdie woorde gespreek het, was hulle kwaad vir my, en was begerig om my in die dieptes van die see te werp; en toe hulle na vore kom om hulle hande op my te lê, het ek met hulle gespreek, en gesê: In die naam van die Almagtige God, beveel ek julle om my nie aan te [a]raak nie, want ek is vervul met die [b]krag van God, en wel tot vertering van my vlees; en

41 *c* Joh. 3:13–15; 2 Ne. 25:20.
*d* Alma 37:44–47; Hel. 8:15.
42 *a* Núm. 14:1–12. GS Rebellie.
*b* L&V 84:23–24.
44 *a* 1 Ne. 2:1–2.
*b* 1 Ne. 16:37.
45 *a* Mosia 13:29.
*b* 1 Ne. 4:3.
*c* Efés. 4:19.
46 *a* Hel. 12:6–18.
47 *a* Miga 3:8.
*b* 1 Ne. 19:20.
48 *a* Mosia 13:3.
*b* 2 Ne. 1:26–27. GS Krag.

wie ook al sy hande op my sal lê, sal [c]verdor net soos ′n droë riet; en hy sal soos niks wees voor die almag van God nie, want God sal hom tref.
49 En dit het gebeur dat ek, Nefi, vir hulle gesê het dat hulle nie meer teen hulle vader moes murmureer nie, nóg moes hulle hul arbeid van my weerhou, want God het my gebied om ′n skip te bou.
50 En ek het vir hulle gesê: [a]As God my gebied het om alle dinge te doen, kan ek hulle doen. As Hy my sou gebied dat ek vir hierdie water moes sê, Wees aarde, sou dit aarde wees; en as ek dit sou sê, sal dit geskied.
51 En nou, as die Here sulke groot mag het, en soveel wonderwerke verrig onder die kinders van mense, hoekom kan Hy my nie [a]leer dat ek ′n skip kan bou nie?
52 En dit het gebeur dat ek, Nefi, baie dinge vir my broers gesê het sodat hulle beskaamd was, en kon nie teen my stry nie; ook het hulle nie gedurf om hulle hande op my te lê of my aan te raak met hulle vingers vir ′n tydperk van baie dae nie. Nou durf hulle dit nie doen nie uit vrees dat hulle voor my sou verdor, so kragtig was die [a]Gees van God; en so het dit op hulle ingewerk.
53 En dit het gebeur dat die Here vir my gesê het: Strek weer jou hand uit na jou broers, en hulle sal nie verder voor jou verdor nie, maar Ek sal hulle skok, sê die Here, dit sal Ek doen, sodat hulle mag weet dat Ek die Here hulle God is.
54 En dit het gebeur dat ek my hand uitgestrek het na my broers, en hulle het nie voor my verdor nie; maar die Here het hulle geskud, en wel volgens die woord wat Hy gespreek het.
55 En nou, het hulle gesê: Ons weet met sekerheid dat die Here met jou is, want ons weet dat dit die mag van die Here is wat ons geskud het. En hulle het voor my neergeval, en was op die punt om my te [a]aanbid, maar ek wou hulle dit nie toelaat nie, en gesê: Ek is julle broer, ja, naamlik julle jonger broer; daarom aanbid die Here julle God en eer jul vader en jul moeder, sodat julle [b]dae verleng mag wees in die land wat die Here julle God aan julle sal gee.

## HOOFSTUK 18

*Die skip word voltooi—Die geboortes van Jakob en Josef word genoem—Die geselskap gaan aan boord vir die beloofde land—Die seuns van Ismael en hul vroue doen mee aan luidrugtigheid en rebellie—Nefi word vasgebind en die skip word terruggedryf deur ′n geweldige storm—Nefi word bevry, en deur sy gebed bedaar die storm—Die*

48 *c* 1 Kon. 13:4–7.
50 *a* Filip. 4:13; 1 Ne. 3:7.
51 *a* Gén. 6:14–16; 1 Ne. 18:1.
52 *a* GS Heilige Gees.
55 *a* Hand. 14:11–15.
*b* Ex. 20:12; Mosia 13:20.

*mense kom aan in die beloofde land.*
*Ongeveer 591–589 v.C.*

En dit het gebeur dat hulle die
Here aanbid het, en het saam met
my gegaan; en ons het die hout
bewerk met sonderlinge vakman-
skap. En die Here het my van tyd
tot tyd gewys op watter manier
ek die hout vir die skip moes be-
werk.
2 Nou ek, Nefi, het nie die hout
bewerk volgens die wyse wat
deur mense geleer word nie, nóg
het ek die skip gebou volgens die
wyse van die mens; maar ek het
dit gebou op die wyse wat die
Here my getoon het; daarom was
dit nie volgens die wyse van die
mens nie.
3 En ek, Nefi, het dikwels opge-
gaan na die berg, en ek het dik-
wels [a]gebid tot die Here; daarom
het die Here aan my groot dinge
[b]getoon.
4 En dit het gebeur dat nadat
ek die skip voltooi het, volgens
die woord van die Here, het my
broers gesien dat dit goed was, en
dat die vakmanskap daarvan ui-
termate goed was; daarom, hulle
het hul weer [a]verootmoedig voor
die Here.
5 En dit het gebeur dat die stem
van die Here tot my vader gekom
het, dat ons moes opstaan en af-
gaan in die skip.
6 En dit het gebeur dat die vol-
gende dag, nadat ons alle dinge
voorberei het, baie vrugte en
[a]vleis van die wildernis, en heu-
ning in oorvloed, en voorraad
volgens dit wat die Here ons ge-
bied het, het ons afgegaan in die
skip, met al ons vrag en ons sade,
en wat ook al ons met ons saam-
gebring het, elkeen volgens sy ou-
derdom; daarom, ons het almal
afgegaan in die skip, met ons
vroue en ons kinders.
7 En nou, my vader het twee
seuns verwek in die wildernis;
die oudste is [a]Jakob genoem en
die jongste [b]Josef.
8 En dit het gebeur dat nadat ons
almal afgegaan het in die skip, en
ons ons voorrade saam met ons
geneem het en dinge wat ons ge-
bied is, het ons uitgevaar op die
[a]see en is gedrywe voor die wind
na die [b]beloofde land.
9 En nadat ons voortgedrywe is
voor die wind vir ʼn tydperk van
baie dae lank, kyk, my broers en
die seuns van Ismael en ook hul
vroue het begin pret maak, sodat
hulle begin het om te dans, en te
sing, en om met baie ruheid te
praat, ja, sodanig dat hulle ver-
geet het deur watter krag hulle
gebring is tot daardie plek; ja,
hulle het hulle te buite gegaan
met oormatige ruheid.
10 En ek, Nefi, het uitermate
begin vrees dat die Here vir ons
kwaad sou wees, en ons sou tref
vanweë ons ongeregtigheid, so-
dat ons opgesluk sou word deur

**18** 3*a* GS Gebed.
*b* GS Openbaring.
4*a* 1 Ne. 16:5.
6*a* 1 Ne. 17:2.
7*a* 2 Ne. 2:1.
*b* 2 Ne. 3:1.
8*a* 2 Ne. 10:20.
*b* 1 Ne. 2:20.
GS Beloofde Land.

die dieptes van die see; daarom, het ek, Nefi, met hulle begin spreek met baie erns; maar kyk, hulle was [a]kwaad vir my, en het gesê: Ons wil nie dat ons jonger broer ’n [b]heerser oor ons moet wees nie.
11 En dit het gebeur dat Laman en Lemuel my gegryp het en vasgebind het met toue, en hulle het my behandel met baie gewelddadigheid; desnieteenstaande, die Here het dit [a]toegelaat ten einde sy krag te toon, sodat sy woord vervul sou word wat Hy gespreek het aangaande die bose.
12 En dit het gebeur dat nadat hulle my tot so ’n mate vasgebind het dat ek nie kon beweeg nie, het die [a]kompas, wat berei is deur die Here, opgehou om te werk.
13 Daarom, hulle het nie geweet in watter rigting hulle die skip moes stuur nie, met die gevolg dat daar ’n groot storm opgekom het, ja ’n groot en vreeslike stormwind, en ons is [a]teruggedrywe op die waters vir ’n tydperk van drie dae; en hulle het uitermate begin bang word dat hulle in die see sou verdrink; nietemin het hulle my nie losgemaak nie.
14 En op die vierde dag, waarop ons teruggedryf is, het die stormwind uitermate kwaai begin woed.
15 En dit het gebeur dat ons op die punt was om opgesluk te word in die dieptes van die see. En nadat ons vir ’n tydperk van vier dae teruggedryf is op die waters, het my broers begin [a]besef dat die oordele van God op hulle was, en dat hulle sou omkom, tensy hulle bekeer van hulle ongeregtighede; daarom, hulle het na my gekom, en die toue losgemaak wat op my gewrigte was, en kyk, hulle was uitermate geswel; en ook my enkels was baie geswel, en groot was die pyn daarvan.
16 Desnieteenstaande, ek het op my God vertrou, en ek het Hom die hele dag lank [a]geprys; en ek het nie gemurmureer teen die Here vanweë my verdrukkinge nie.
17 Nou, my vader, Lehi, het baie dinge met hulle gespreek, en ook met die seuns van [a]Ismael; maar, kyk, hulle het baie dreigings geblaas teen enigeen wat vir my sou praat; en omdat my ouers al baie oud was, en baie smart gely het vanweë hulle kinders, is hulle neergebring, ja, tot op hulle siekbed.
18 Vanweë hulle smart en groot droefheid, en die ongeregtigheid van my broers, het hulle baie na daaraan gekom om weggevoer te word uit hierdie tyd om hulle God te ontmoet; ja, hulle grys hare was byna sover gebring om neergelê te word in die stof; ja,

10*a* 1 Ne. 17:17–55.
*b* Gén. 37:9–11; 1 Ne. 16:37–38; 2 Ne. 1:25–27.
11*a* Alma 14:11.
12*a* 1 Ne. 16:10, 16, 26; 2 Ne. 5:12; Alma 37:38–47; L&V 17:1.
13*a* Mosia 1:17.
15*a* Hel. 12:3.
16*a* Alma 36:28.
17*a* 1 Ne. 7:4–20.

hulle was naby daaraan om met droefheid gewerp te word in ′n watergraf.

19 En Jakob en Josef ook, wat jonk was, en baie voeding nodig gehad het, was bedroef vanweë die verdrukkinge van hulle moeder; en ook [a]my vrou met haar trane en gebede, en ook my kinders, het nie die harte van my broers versag sodat hulle my sou losmaak nie.

20 En daar was niks behalwe die krag van God, wat hulle gedreig het met vernietiging, wat hulle harte kon versag nie; daarom, toe hulle sien dat hulle opgesluk gaan word in die dieptes van die see, het hulle bekeer van die ding wat hulle gedoen het, sodat hulle my losgemaak het.

21 En dit het gebeur dat nadat hulle my losgemaak het, kyk, toe neem ek die kompas, en dit het gewerk soos ek dit verlang het. En dit het gebeur dat ek gebid het tot die Here; en nadat ek gebid het, het die winde bedaar, en die storm het bedaar, en daar was ′n groot kalmte.

22 En dit het gebeur dat ek, Nefi, die skip gestuur het, sodat ons weer geseil het na die beloofde land.

23 En dit het gebeur dat nadat ons vir ′n tydperk van baie dae geseil het, het ons aangekom by die [a]beloofde land; en ons het uitgegaan op die land en ons tente opgeslaan; en ons het dit die beloofde land genoem.

24 En dit het gebeur dat ons die grond begin bewerk het, en ons het begin om sade te plant; ja, ons het al ons saad in die grond geplant, wat ons van die land Jerusalem gebring het. En dit het gebeur dat dit uitermate gegroei het; daarom, ons was geseën met oorvloed.

25 En dit het gebeur dat ons in die land van belofte gevind het, soos ons rondgereis het in die wildernis, dat daar diere in die woude was van alle soorte, beide die koei en die os, en die esel en die perd, en die bok en die wildsbok, en allerhande soorte wilde diere, wat vir die gebruik van die mens was. En ons het allerhande soorte erts gevind, beide van goud, en van silwer, en van brons.

## HOOFSTUK 19

*Nefi maak plate van erts en teken die geskiedenis van sy mense op—Die God van Israel sal seshonderd jaar vanaf die tyd wat Lehi Jerusalem verlaat het, kom—Nefi vertel van sy lyding en kruisiging—Die Jode sal verag word en verstrooi word tot die laaste dae, wanneer hulle sal terugkeer na die Here. Ongeveer 588–570 v.C.*

En dit het gebeur dat die Here my gebied het, daarom het ek plate gemaak van erts sodat ek op hulle die kroniek van my volk kon graveer. En op die [a]plate wat ek gemaak het, het ek die kroniek van

19*a* 1 Ne. 7:19; 16:7.
23*a* GS Beloofde Land.
**19** 1*a* GS Plate.

my [b]vader gegraveer, en ook ons
reise in die wildernis, en die pro-
fesieë van my vader; en ook baie
van my eie profesieë het ek op
hulle gegraveer.
2 En ek het op daardie tydstip
nie geweet toe ek hulle gemaak
het, dat ek gebied sou word deur
die Here om [a]hierdie plate te
maak nie; daarom, die kroniek
van my vader, en die geslagsre-
gister van sy vaders, en die groot-
ste gedeelte van al ons handelinge
in die wildernis is gegraveer op
daardie eerste plate waarvan ek
gespreek het; daarom, die dinge
wat gebeur het voordat ek [b]hier-
die plate gemaak het, is in der
waarheid, meer in die besonder
van melding gemaak op die eer-
ste plate.
3 En nadat ek [a]hierdie plate ge-
maak het by wyse van bevel, het
ek, Nefi, 'n gebod ontvang dat
die bediening en die profesieë,
die eenvoudiger en kosbaarder
dele daarvan op hierdie plate ge-
skrywe moes word; en dat die
dinge wat geskrywe is, behou
moes word vir die lering van my
volk, wat die land sou besit, en
ook vir ander [b]wyse doeleindes,
welke doeleindes bekend is aan
die Here.
4 Daarom, ek, Nefi, het 'n kro-
niek gemaak op die ander plate,
wat 'n kroniek gee, met ander
woorde 'n meer uitgebreide kro-
niek gee van die oorloë en twiste
en vernietigings van my volk. En
dit het ek gedoen, en my volk be-
veel wat hulle moes doen nadat
ek heengegaan het; en dat hier-
die plate oorgedra moes word
van die een geslag na die ander,
of van een profeet na die ander,
tot verdere bevele van die Here.
5 En 'n kroniek van hoe ek dié
plate [a]gemaak het, sal hierna ge-
gee word; en dan, kyk, ek gaan
voort volgens dít wat ek gespreek
het; en dit doen ek sodat die hei-
liger dinge [b]behou mag word vir
die kennis van my volk.
6 Desnieteenstaande, ek skryf
niks op die plate nie behalwe as
ek dink dat dit [a]heilig is. En nou,
as ek fouteer, so ook het hulle
van ouds gefouteer; nie dat ek
my wil verontskuldig vanweë
ander mense nie, maar vanweë
die [b]swakheid wat in my is, vol-
gens die vlees, wil ek myself ver-
ontskuldig.
7 Want die dinge wat sommige
mense van groot waarde ag, beide
vir die liggaam en siel, word as
[a]nietig beskou deur ander, en
vertrap dit onder hulle voete. Ja,
inderdaad die Waaragtige God
van Israel [b]vertrap mense onder
hul voete; ek sê, vertrap onder

1 *b* 1 Ne. 1:16–17; 6:1–3.
2 *a* 2 Ne. 5:30.
*b* 1 Ne. 9:1–5.
3 *a* Jakob 1:1–4; 3:13–14; 4:1–4.
*b* 1 Ne. 9:4–5; WvM 1:7; L&V 3:19–20; 10:1–51.
5 *a* 2 Ne. 5:28–33.
*b* GS Skrifture—Skrifture wat bewaar moet word.
6 *a* Sien die titelbladsy van die Boek van Mormon. GS Heilig.
*b* Morm. 8:13–17; Ether 12:23–28.
7 *a* 2 Ne. 33:2; Jakob 4:14.
*b* GS Rebellie.

hul voete, maar ek sal in ander
woorde spreek—hulle ag Hom as
nietig, en slaan nie ag op die stem
van sy raadgewinge nie.
8 En kyk, Hy [a]kom, volgens die
woorde van die engel, [b]seshon-
derd jaar vanaf die tyd dat my va-
der Jerusalem verlaat het.
9 En die wêreld, vanweë hul
ongeregtigheid, sal Hom as nie-
tig ag; daarom gésel hulle Hom,
en Hy verdra dit; en hulle slaan
Hom, en Hy verdra dit. Ja, hulle
[a]spoeg op Hom, en Hy verdra dit,
vanweë sy liefdevolle teerheid en
lankmoedigheid teenoor die kin-
ders van mense.
10 En die [a]God van ons vaders,
wat [b]uitgelei is uit Egipteland, uit
slawerny, en ook bewaar is in die
wildernis deur Hom, ja, die God
van Abraham, en van Isak, en die
[c]God van Jakob, [d]gee Homself,
volgens die woorde van die engel,
as 'n mens oor in die hande van
goddelose manne, om [e]verhoog
te word volgens die woorde van
[f]Senok, en om [g]gekruisig te word,
volgens die woorde van Neüm, en
om neergelê te word in 'n [h]graf-
kelder, volgens die woorde van
[i]Zenos, wat hy gespreek het aan-
gaande die drie dae van [j]duister-
nis, wat as teken gegee sou word
van sy dood aan diegene wat die
eilande van die see sou bewoon,
en veral gegee word aan diegene
wat van die [k]huis van Israel is.
11 Want so het die profeet ge-
spreek: Die Here God sal sekerlik
die hele huis van Israel op daar-
die dag [a]besoek, sommige met sy
stem, vanweë hulle regverdig-
heid, tot hulle groot blydskap en
heil, en ander met die [b]donderslae
en weerligstrale van sy krag, deur
stormwind, deur vuur, en deur
rook, en deur mis van die [c]duis-
ternis, en deur die oopmaak van
die [d]aarde, en deur [e]berge wat op-
gestoot sal word.
12 En [a]al hierdie dinge moet se-
kerlik kom, sê die profeet [b]Zenos.
En die [c]rotse van die aarde moet
skeur; en vanweë die gekreun
van die aarde, sal baie van die

---

8 *a* GS Jesus Christus—Profesieë aangaande die geboorte en dood van Jesus Christus.
*b* 1 Ne. 10:4; 2 Ne. 25:19.
9 *a* Jes. 50:5–6; Matt. 27:30.
10 *a* 2 Ne. 26:12; Mosia 7:27; 27:30–31; Alma 11:38–39; 3 Ne. 11:14–15.
*b* Ex. 3:2–10; 6:6; 1 Ne. 5:15; L&V 136:22.
*c* Gén. 32:9; Mosia 7:19; L&V 136:21. GS Jehova.
*d* GS Versoen, Versoening.
*e* 3 Ne. 27:14.
*f* Alma 33:15; 34:7; Hel. 8:19–20; 3 Ne. 10:15–16. GS Skrifture—Verlore skrifture; Zenok.
*g* 2 Ne. 6:9; Mosia 3:9. GS Kruisiging.
*h* Matt. 27:60; Lk. 23:53; 2 Ne. 25:13.
*i* Jakob 6:1; Hel. 15:11. GS Zenos.
*j* 1 Ne. 12:4–5; Hel. 14:20, 27; 3 Ne. 8:3, 19–23; 10:9.
*k* 3 Ne. 16:1–4.
11 *a* 3 Ne. 9; L&V 5:16.
*b* Hel. 14:20–27; 3 Ne. 8:5–23.
*c* Lk. 23:44–45; 3 Ne. 8:19–20.
*d* 2 Ne. 26:5.
*e* 3 Ne. 8:10.
12 *a* Hel. 14:20–28.
*b* Jakob 5:1.
*c* Matt. 27:51.

konings van die eilande van die see deur die inwerking van die Gees van God uitroep: Die God van die natuur ly.

13 En wat diegene betref wat by Jerusalem is, sê die profeet, hulle sal [a]gegésel word deur alle volke, omdat hulle die God van Israel [b]kruisig, en hulle harte afwend, terwyl hulle tekens en wonders, en die krag en heerlikheid van die God van Israel verwerp.

14 En omdat hulle hul harte afwend, sê die profeet, en die Heilige Een van Israel [a]verag het, sal hulle dwaal in die vlees, en vergaan, en ′n [b]bespotting en ′n [c]smaad word, en gehaat word deur alle nasies.

15 Desnieteenstaande, wanneer daardie dag kom, sê die profeet, dat hulle [a]nie meer hulle harte afwend van die Heilige Een van Israel nie, dan sal Hy die [b]verbonde wat Hy met hulle vaders gesluit het in herinnering roep.

16 Ja, dan sal Hy die [a]eilande van die see in herinnering roep; ja, en al die volke wat van die huis van Israel is, sal Ek [b]terugbring, sê die Here, volgens die woorde van die profeet Zenos, vanuit die vier hoeke van die aarde.

17 Ja, en die hele aarde sal die heil van die Here [a]sien, sê die profeet; elke nasie, stam, taal en volk sal geseën wees.

18 En ek, Nefi, het hierdie dinge vir my volk geskrywe, sodat ek hulle miskien mag oorreed dat hulle die Here hulle Verlosser in gedagtenis hou.

19 Daarom, ek spreek met die hele huis van Israel, as dit so mag wees dat hulle [a]hierdie dinge sou verkry.

20 Want kyk, ek voel die werkinge van die Gees, wat my uitput sodat al my gewrigte swak is, vir diegene wat in Jerusalem is; want as die Here nie barmhartig was om dinge aangaande hulle aan my te toon nie, net soos Hy aan die profete van ouds getoon het, sou ek ook vergaan het.

21 En Hy het waarlik aan die [a]profete van ouds alle dinge [b]aangaande hulle getoon; en ook het Hy getoon aan baie aangaande ons; daarom, dit moet noodwendig wees dat ons weet aangaande hulle, want dit is geskrywe op die plate van brons.

22 Nou het dit gebeur dat ek, Nefi, my broers hierdie dinge geleer het; en dit het gebeur dat ek baie dinge wat gegraveer was op die [a]plate van brons aan hulle voorgelees het, sodat hulle mag weet aangaande die handelinge

13*a* Lk. 23:27–30.
*b* 2 Ne. 10:3.
14*a* Jes. 53:3–6; Mosia 14:3–6.
*b* GS Jode.
*c* Deut. 28:37; 1 Kon. 9:7; 3 Ne. 16:9.
15*a* 1 Ne. 22:11–12.
*b* GS Abraham, Verbond van.
16*a* 1 Ne. 22:4; 2 Ne. 10:21.
*b* Jes. 49:20–22. GS Israel—Die versameling van Israel.
17*a* Jes. 40:4–5.
19*a* Enos 1:16; Morm. 5:12; 7:9–10.
21*a* 2 Kon. 17:13; Amos 3:7. GS Profeet.
*b* 3 Ne. 10:16–17.
22*a* 1 Ne. 22:1.

van die Here in ander lande, onder die volke van ouds.

23 En ek het baie dinge wat geskrywe is in die [a]boeke van Moses aan hulle voorgelees; maar om hulle des te meer te oortuig om te glo in die Here hulle Verlosser, het ek aan hulle voorgelees wat geskrywe is deur die profeet [b]Jesaja; want ek het alle skrifture [c]toegepas op ons, sodat dit tot ons [d]voordeel en lering mag wees.

24 Daarom het ek met hulle gespreek, en gesê: Hoor julle die woorde van die profeet, julle wat 'n oorblyfsel is van die huis van Israel, 'n [a]tak wat afgebreek is; luister julle na die woorde van die profeet, wat geskrywe is aan die hele huis van Israel, en pas hulle toe op julleself, sodat julle hoop mag hê net soos julle broers van wie julle afgebreek is; want volgens hierdie wyse het die profeet geskrywe.

## HOOFSTUK 20

*Die Here openbaar sy voorneme aan Israel—Israel is gekies in die smeltkroes van verdrukking en moet uitgaan van Babilon—Vergelyk Jesaja 48. Ongeveer 588–570 v.C.*

SLAAN ag, en hoor dit, o huis van Jakob, wat genoem word by die naam van Israel, en voortgekom het uit die waters van Juda, of uit die waters van die [a]doop, wat sweer by die naam van die Here, en die God van Israel noem, maar hulle sweer nie in waarheid nóg in regverdigheid.

2 Nietemin, hulle sê dat hulle van die [a]heilige stad is, maar hulle steun hulself nie op die God van Israel, wat die Here van die Leërskare is nie; ja, die Here van die Leërskare is sy Naam.

3 Kyk, Ek het die [a]vorige dinge verkondig van die begin af; en dit het uitgegaan uit my mond, en Ek het hulle getoon. Ek het hulle skielik getoon.

4 En Ek het dit gedoen omdat Ek geweet het dat [a]jy halsstarrig is, en jou nek 'n ystersening is, en jou voorhoof brons;

5 En Ek het selfs van die begin af dit verkondig aan jou; voordat dit gebeur het, het Ek dit getoon aan jou; en Ek het hulle getoon uit vrees dat jy sou sê—My [a]afgod het dit gedoen, en my gesnede beeld, en my gegote beeld het hulle beveel.

6 Jy het dit alles gesien en gehoor; en wil jy dit nie verkondig nie? En dat Ek jou nuwe dinge getoon het vanaf hierdie tyd, en wel verborge dinge, en jy het dit nie geweet nie.

7 Hulle is nou geskape, en nie van die begin af nie, nog voor die dag toe jy nie daarvan gehoor het

---

23*a* Ex. 17:14; 1 Ne. 5:11; Moses 1:40–41.
*b* 1 Ne. 15:20; 2 Ne. 25:4–6; 3 Ne. 23:1.
*c* GS Skrifture—Waarde van die skrifture.
*d* 2 Ne. 4:15.
24*a* Gén. 49:22–26; 1 Ne. 15:12; 2 Ne. 3:4–5.
**20** 1*a* GS Doop.
2*a* Jes. 52:1. GS Jerusalem.
3*a* Jes. 46:9–10.
4*a* DI Israel.
5*a* GS Afgodery.

nie, is hulle verkondig aan jou,
sodat jy sou sê—Kyk, ek het van
hulle geweet.
8 Ja, en jy het nie gehoor nie; ja,
en jy het nie geweet nie; ja, van
daardie tyd af was jou oor nie ge-
open nie; want Ek het geweet dat
jy baie troueloos sou handel en
is ′n [a]oortreder genoem van die
moederskoot af.
9 Nietemin, Ek sal om my
[a]Naam ontwil my toorn uitstel,
en ter wille van my lof sal Ek My
bedwing, dat ek jou nie afsny nie.
10 Want, kyk, Ek het jou gelou-
ter, Ek het jou gekies in die smelt-
kroes van [a]beproewing.
11 Om my ontwil, ja, om my ont-
wil sal Ek dit doen, want Ek sal
nie toelaat dat my [a]Naam onthei-
lig word nie, en Ek sal [b]nie my eer
gee aan ′n ander nie.
12 Slaan ag op My, o Jakob, en
Israel wat Ek geroep het, want Ek
is Hy; Ek is die [a]Eerste, en Ek is
ook die Laaste.
13 My hand het ook die grond-
slag [a]gelê van die aarde, en my
regterhand het die hemele ge-
span. Ek roep hulle en hulle staan
saam op.
14 Julle almal, kom bymekaar,
en luister; wie onder hulle het
hierdie dinge aan hulle verkon-
dig? Die Here het hom liefgehad;
ja, en Hy sal sy woord [a]volbring
wat Hy verkondig het deur hulle;
en Hy sal sy wil voltrek aan [b]Ba-
bilon, en sy arm sal op die Chal-
deërs kom.
15 Ook, sê die Here; Ek, die
Here, ja Ek, het gespreek; ja, Ek
het hom geroep om te verkondig,
Ek het hom gebring, en hy sal sy
weg voorspoedig maak.
16 Kom julle na aan My; Ek het
nie gespreek in die [a]geheim nie;
vanaf die begin, vanaf die tyd dat
dit verkondig is, het Ek gespreek;
en die Here God, en sy Gees, het
My gestuur.
17 En so sê die Here, jou [a]Ver-
losser, die Heilige Een van Israel;
Ek het Hom gestuur, die Here jou
God wat jou leer om voordeel te
trek, wat jou [b]lei op die weg wat
jy moet gaan, het dit gedoen.
18 O, as jy ag geslaan het op my
[a]gebooie—dan sou jou vrede ge-
wees het soos ′n rivier, en jou reg-
verdigheid soos die golwe van die
see.
19 Jou [a]saad sou ook gewees het
soos die sand, die vrug van jou
lendene soos die korreltjies daar-
van; sy naam sou nie afgesny nóg
vernietig word van voor My.
20 [a]Gaan julle uit van Babilon,
vlug julle van die Chaldeërs; met
′n stem van jubelklank verkondig

8*a* Ps. 58:4.
9*a* 1 Sam. 12:22;
Ps. 23:3;
1 Joh. 2:12.
10*a* GS Teenstand.
11*a* Jer. 44:26.
*b* Jes. 42:8;
Moses 4:1–4.
12*a* Openb. 1:17; 22:13.
GS Alfa en Omega;
Eersgeborene.
13*a* Ps. 102:26.
GS Skep, Skepping.
14*a* 1 Kon. 8:56;
L&V 64:31; 76:3.
*b* GS Babel, Babilon.
16*a* Jes. 45:19.
17*a* GS Verlosser.
*b* GS Inspirasie,
Inspireer;
Openbaring.
18*a* Pred. 8:5.
19*a* Gén. 22:15–19;
Hos. 1:10.
20*a* Jer. 51:6;
L&V 133:5–14.

julle, vertel dit, uiter tot die einde
van die aarde; sê julle: Die Here
het sy [b]dienskneg Jakob verlos.
21 En hulle het nie [a]dors gehad
nie; Hy het hulle gelei deur die
woestyne; Hy het die waters uit
die [b]rots vir hulle laat vloei; Hy
het die rots ook geklowe en die
water het daaruit gestroom.
22 En nieteenstaande Hy dit al-
les gedoen het, en groter dinge
ook, is daar geen [a]vrede vir die
goddelose nie, sê die Here.

## HOOFSTUK 21

*Die Messias sal 'n lig wees vir die nie-Jode en sal die gevangenes bevry—Israel sal versamel word met krag in die laaste dae—Konings sal hul pleegvaders wees—Vergelyk Jesaja 49. Ongeveer 588–570 v.C.*

En verder: slaan ag, o julle huis
van Israel, julle almal wat afge-
breek en uitgedryf is vanweë die
boosheid van die herders van my
volk; ja, julle almal wat afgebreek
is, en wat verstrooi is ver en wyd,
wat van my volk is, o huis van Is-
rael. Luister o [a]eilande na my, en
slaan ag julle volke van [b]ver; die
Here het my geroep van die moe-
derskoot; van my moeder se len-
dene het Hy melding gemaak van
my naam.
2 En Hy het my mond gemaak
soos 'n skerp swaard; in die skadu
van sy hand het Hy my verberg,
en my 'n blinkgevryfde pyl ge-
maak; in sy pylkoker het Hy my
verberg;
3 En vir my gesê: Jy is my [a]diens-
kneg, O Israel, in wie Ek verheer-
lik sal word.
4 Toe sê ek, Ek het tevergeefs ge-
arbei, ek het my krag verniet ge-
bruik en tevergeefs; gewis is my
oordeel by die Here, en my werk
by my God.
5 En nou, sê die Here—wat my
[a]geformeer het van die moeder-
skoot dat ek sy dienskneg moes
wees, om Jakob weer na Hom te
bring—ofskoon Israel nog nie by-
mekaargemaak is nie, tog sal ek
verheerlik wees in die oë van die
Here, en my God sal my sterkte
wees.
6 En Hy het gesê: Dit is 'n ge-
ringe ding dat jy my dienskneg
moet wees om die [a]stamme van
Jakob op te rig, en die gespaar-
des van Israel te herstel. Ek sal jou
ook tot 'n [b]lig maak vir die [c]nie-
Jode, dat jy my heil mag wees tot
aan die eindes van die aarde.
7 So sê die Here, die Verlosser
van Israel, sy Heilige Een, aan
Hom wat die mens verag, aan
Hom wat die nasies verafsku,
aan dienskneg van heersers: Ko-
nings sal sien en opstaan, vorste
sal ook aanbid vanweë die Here
wat getrou is.

20*b* Jes. 44:1–2, 21.
21*a* Jes. 41:17–20.
*b* Ex. 17:6; Núm. 20:11; 1 Ne. 17:29; 2 Ne. 25:20.
22*a* GS Vrede.
**21** 1*a* 1 Ne. 22:4; 2 Ne. 10:20–22.
*b* L&V 1:1.
3*a* Lev. 25:55; Jes. 41:8; L&V 93:45–46.
5*a* Jes. 44:24.
6*a* GS Israel—Die twaalf stamme van Israel.
*b* L&V 103:8–10; Abr. 2:10–11.
*c* 3 Ne. 21:11.

8 So sê die Here: In ′n aanvaarbare tyd het Ek julle gehoor, o eilande van die see, en in ′n dag van heil het Ek julle gehelp; en Ek sal julle bewaar, en julle [a]my dienskneg gee as ′n verbond van die volk, om die aarde te vestig, om die verlate erfenisse te laat bëerwe;

9 Dat jy mag sê vir die [a]gevangenes: Gaan uit; aan hulle wat in [b]duisternis sit: Toon julself. Hulle sal wei langs die paaie, en hulle [c]weiveld sal wees op al die hoë plekke.

10 Hulle sal nie honger nóg dors, nóg sal die hitte nóg die son hulle steek; want Hy wat barmhartigheid het vir hulle sal hulle lei, en wel tot by die fonteine van water sal Hy hulle lei.

11 En ek sal al my berge tot ′n weg maak, en my [a]hoofpaaie sal verhoog word.

12 En dan, o huis van Israel, kyk, [a]hierdie sal van ver af kom; en kyk, hierdie kom van die noorde en van die weste; en hierdie kom van die land Sinim.

13 [a]Sing, o hemele, en wees verheug, o aarde; want die voete van hulle wat in die ooste is, sal gevestig word; breek uit in jubelsang o berge; want hulle sal nie langer getref word nie; want die Here het sy volk getroos, en sal Hom ontferm oor sy verdruktes.

14 Maar kyk, Sion het gesê: Die Here het my verlaat, en my Here het my vergeet—maar Hy sal toon dat Hy dit nie gedoen het nie.

15 Want kan ′n [a]vrou haar suigling vergeet, dat sy haar nie sal ontferm oor die seun van haar skoot nie? Ja, hulle mag [b]vergeet, tog sal Ek jou nie vergeet nie, o huis van Israel.

16 Kyk, Ek het jou gegraveer op die [a]palms van my hande; jou mure is gedurig voor My.

17 Jou kinders sal hulle haas teen jou vernietigers; en hulle wat jou [a]verwoes het, sal van jou af weggaan.

18 Slaan jou oë rondom op en kyk; al hierdie [a]versamel hulself, en hulle sal na jou toe kom. En soos Ek leef, sê die Here, sal jy jou sekerlik klee met hulle almal, soos met ′n versiersel, en hulle ombind soos ′n bruid.

19 Want jou verwoeste en jou verlate plekke, en die land van jou vernietiging sal nou te smal wees as gevolg van die inwoners; en hulle wat jou ingesluk het sal ver weg wees.

20 Die kinders wat jy sal hê, nadat jy die eerstes verloor het, sal weer in jou ore sê: Die plek is te nou vir my; maak plek vir my dat ek kan woon.

21 Dan sal [a]jy in jou hart sê: Wie

8*a* 2 Ne. 3:6–15; 3 Ne. 21:8–11; Morm. 8:16, 25.
9*a* GS Heil vir die Dode.
*b* 2 Ne. 3:5.
*c* Eség. 34:14.
11*a* Jes. 62:10; L&V 133:23–32.
12*a* Jes. 43:5–6.
13*a* Jes. 44:23.
15*a* GS Vrou, Vroue.
*b* Jes. 41:17; Alma 46:8; L&V 61:36.
16*a* Sag. 13:6.
17*a* 3 Ne. 21:12–20.
18*a* Miga 4:11–13.
21*a* DI Sion.

het vir my hierdie gebaar, siende dat ek my kinders verloor het, en [b]onvrugbaar is, 'n gevangene, en heen en weer swerf? En wie het hierdie grootgemaak? Kyk, ek is alleen agtergelaat; hierdie, waar was hulle?

22 So sê die Here God: Kyk, Ek sal my hand ophef na die [a]nie-Jode, en my [b]vaandel opsteek na die volk; en hulle sal jou seuns in hulle [c]arms bring, en jou dogters sal gedra word op hulle skouers.

23 En [a]konings sal jou [b]pleegvaders wees, en hulle koninginne jou pleegmoeders; hulle sal neerbuig voor jou met hul aangesig na die aarde, en die stof oplek van jou voete; en jy sal weet dat Ek die Here is; want hulle sal nie beskaamd staan wat [c]wag vir My nie.

24 Want sal die buit afgeneem word van die magtige, of die [a]wettige gevangenes vrygelaat word?

25 Maar so sê die Here, selfs die gevangenes van die magtiges sal weggeneem word, en die buit van die verskrikker sal vrygelaat word; want Ek sal met hom stry wat met jou twis, en Ek sal jou kinders red.

26 En Ek sal diegene [a]voer wat jou verdruk met hul eie vlees; hulle sal dronk word van hul eie bloed soos van soet wyn; en alle vlees sal [b]weet dat Ek, die Here, jou Saligmaker is en jou Verlosser, die [c]Magtige Een van Jakob.

## HOOFSTUK 22

*Israel sal verstrooi word oor die hele aangesig van die aarde—Die nie-Jode sal Israel versorg en voed met die evangelie in die laaste dae—Israel sal bymekaargemaak word en gered word, en die bose sal brand soos stoppels—Die koninkryk van die duiwel sal vernietig word, en Satan sal gebind word. Ongeveer 588–570 v.C.*

En nou het dit gebeur dat nadat ek, Nefi, hierdie dinge gelees het wat gegraveer was op die [a]plate van brons, het my broers na my gekom en het vir my gesê: Wat beteken hierdie dinge wat jy gelees het? Kyk, moet hulle verstaan word volgens dinge wat geestelik is, wat sal gebeur volgens die Gees en nie die vlees nie?

2 En ek, Nefi, het vir hulle gesê: Kyk, hulle is [a]geopenbaar aan die profeet deur die stem van die [b]Gees; want deur die Gees word alle dinge bekend gemaak aan die [c]profete, wat sal kom oor die kinders van mense volgens die vlees.

3 Daarom, die dinge waarvan ek gelees het, het betrekking op

21*b* Jes. 54:1; Gal. 4:27.
22*a* Jes. 66:18–20.
*b* Jes. 11:12; 18:3.
*c* 1 Ne. 22:8; 2 Ne. 10:8–9.
23*a* Jes. 60:16.
*b* 1 Ne. 22:6.
*c* 2 Ne. 6:13; L&V 98:2; 133:10–11, 45.
24*a* 1 Ne. 21:25.
26*a* 1 Ne. 22:13–14.
*b* Mosia 11:22.
*c* GS Jehova.
**22** 1*a* 1 Ne. 19:22; 2 Ne. 4:2.
2*a* 2 Petr. 1:19–21.
*b* GS Heilige Gees.
*c* GS Profesie, Profeteer.

dinge beide [a]stoflik en geestelik;
want dit blyk asof die huis van Is-
rael, vroeër of later, [b]verstrooi sal
word oor die hele aangesig van
die aarde, en ook onder alle na-
sies.
4 En kyk, daar is baie wat reeds
verlore is van die kennis van
diegene wat in Jerusalem is. Ja,
die grootste gedeelte van al die
[a]stamme is [b]weggelei; en hulle is
verstrooi heen en weer op die [c]ei-
lande van die see; en waar hulle
is, weet niemand van ons nie, be-
halwe dat ons weet dat hulle weg-
gelei is.
5 En omdat hulle weggelei is,
is hierdie dinge geprofeteer aan-
gaande hulle, en ook aangaande
almal wat hierna verstrooi en
vermeng gaan word, vanweë die
Heilige Een van Israel; want teen
Hom sal hulle hul harte verhard;
daarom, hulle sal verstrooi word
onder al die nasies en sal [a]gehaat
word deur alle mense.
6 Desnieteenstaande, nadat
hulle [a]versorg sal word deur die
[b]nie-Jode, en die Here sy hand op-
gelig het vir die nie-Jode en hulle
opgerig het as ′n vaandel, en hulle
[c]kinders gedra is in hulle arms,
en hulle dogters gedra is op hulle
skouers, kyk, hierdie dinge waar-
van gespreek is, is tydelik; want
so is die verbonde van die Here
met ons vaders; en dit het op ons
betrekking in die dae wat kom,
en ook al ons broers wat van die
huis van Israel is.
7 En dit beteken dat die tyd kom
dat nadat die hele huis van Israel
verstrooi en vermeng is, dat die
Here God ′n magtige nasie sal op-
rig onder die [a]nie-Jode, ja, en wel
op die aangesig van hierdie land;
en deur hulle sal ons saad [b]ver-
strooi word.
8 En nadat ons saad verstrooi
is, sal die Here God voortgaan
om ′n [a]wonderlike werk te ver-
rig onder die [b]nie-Jode, wat van
groot [c]waarde sal wees vir ons
saad; daarom, dit word daarmee
vergelyk dat hulle versorg word
deur die nie-Jode en gedra word
in hulle arms en op hulle skouers.
9 En dit sal ook van [a]waarde
wees vir die nie-Jode; en nie net
vir die nie-Jode nie maar ook [b]vir
die hele [c]huis van Israel, tot die
bekendmaking van die [d]verbonde
van die Vader van die hemel met
Abraham, wat sê: In jou [e]saad sal
al die geslagte van die aarde [f]ge-
seën word.

3 *a* L&V 29:31–34.
*b* 1 Ne. 10:12–14; 2 Ne. 25:14–16. GS Israel—Die verstrooiing van Israel.
4 *a* GS Israel—Die tien verlore stamme van Israel.
*b* 2 Ne. 10:22.
*c* 1 Ne. 21:1; 2 Ne. 10:8, 20.
5 *a* 1 Ne. 19:14.
6 *a* 1 Ne. 21:23.
*b* GS Nie-Jode.
*c* 1 Ne. 15:13.
7 *a* 3 Ne. 20:27.
*b* 1 Ne. 13:12–14; 2 Ne. 1:11.
8 *a* Jes. 29:14; 1 Ne. 14:7; 2 Ne. 27:26. GS Herstelling van die Evangelie.
*b* 2 Ne. 10:10–11; 3 Ne. 16:4–7; Morm. 5:19.
*c* 1 Ne. 15:13–18; 3 Ne. 5:21–26; 21:7.
9 *a* 1 Ne. 14:1–5.
*b* 2 Ne. 30:1–7.
*c* 2 Ne. 29:13–14.
*d* Deut. 4:31.
*e* GS Abraham, Verbond van.
*f* Gén. 12:2–3; 3 Ne. 20:27; Abr. 2:9–11.

10 En ek wil hê, my broers, dat julle moet weet dat al die geslagte van die aarde nie geseën kan word, tensy Hy sy arm [a]ontbloot voor die oë van die nasies nie.

11 Daarom, die Here God sal voortgaan om sy arm te ontbloot voor die oë van al die nasies, deur sy verbonde en sy evangelie voort te bring aan diegene wat van die huis van Israel is.

12 Daarom, Hy sal hulle weer uit gevangenskap bring en hulle sal [a]versamel word na die lande van hul erfenis; en hulle sal uitgebring word uit die [b]duisternis en die donker; en hulle sal weet dat die [c]Here hulle [d]Saligmaker is en hulle Verlosser, die [e]Magtige Een van Israel.

13 En die bloed van daardie groot en [a]gruwelike kerk, wat die hoer van die hele aarde is, sal op hulle eie hoofde kom; want hulle sal [b]oorlog maak onder mekaar, en die swaard van hulle [c]eie hande sal val op hul eie hoofde, en hulle sal dronk wees van hulle eie bloed.

14 En elke [a]nasie wat teen jou sal oorlog voer, o huis van Israel, sal gekeer word die een teen die ander, en hulle sal [b]val in die kuil wat hulle gegrawe het om die volk van die Here in te verstrik. En almal wat teen Sion [c]stry, sal vernietig word, en daardie groot hoer, wat die regte weë van die Here verdraai het, ja, daardie groot en gruwelike kerk, sal neerstort in die [d]stof en groot sal die val daarvan wees.

15 Want kyk, sê die profeet, die tyd kom gou dat Satan geen mag meer sal hê oor die harte van die kinders van mense nie; want die dag kom gou wanneer al die hooghmoediges en hulle wat boos handel, soos [a]stoppels sal wees; en die dag kom wanneer hulle [b]verbrand moet word.

16 Want die tyd kom gou dat die volheid van die [a]toorn van God uitgestort sal word op al die kinders van mense; want Hy sal nie toelaat dat die bose die regverdiges vernietig nie.

17 Daarom, Hy sal die [a]regverdiges [b]behou deur sy krag, selfs as dit so moet wees dat die volheid van sy toorn moet kom, en die regverdiges bewaar word, selfs tot die vernietiging van hulle vyande deur vuur. Daarom, die regverdiges hoef nie te vrees nie; want so sê die profeet, hulle sal

10*a* Jes. 52:10.
12*a* GS Israel—Die versameling van Israel.
*b* GS Duisternis, Geestelike.
*c* 2 Ne. 6:10–11.
*d* GS Saligmaker.
*e* GS Jehova.
13*a* GS Duiwel—Die kerk van die duiwel.
*b* 1 Ne. 14:3, 15–17.
*c* 1 Ne. 21:26.
14*a* Lk. 21:10.
*b* Jes. 60:12; 1 Ne. 14:3; L&V 109:25.
*c* 2 Ne. 10:13; 27:3.
*d* Jes. 25:12.
15*a* Jes. 5:23–24; Nah. 1:10; Mal. 4:1; 2 Ne. 15:24; 26:4–6; L&V 64:23–24; 133:64.
*b* Ps. 21:10; 3 Ne. 25:1; L&V 29:9. GS Aarde—Reiniging van die aarde.
16*a* 1 Ne. 14:17.
17*a* 1 Ne. 17:33–40.
*b* 2 Ne. 30:10; Moses 7:61.

gered word, selfs al is dit soos deur vuur.

18 Kyk, my broers, ek sê vir julle, dat hierdie dinge binnekort moet kom; ja, en wel bloed, en vuur, en rookmis moet kom; en dit moet noodwendig wees op die aangesig van hierdie aarde; en dit kom na die mens volgens die vlees as dit so is dat hulle hulle harte sal verhard teen die Heilige Een van Israel.

19 Want kyk, die regverdige sal nie vergaan nie; want die tyd moet sekerlik kom dat hulle almal wat stry teen Sion, afgesny sal word.

20 En die Here sal sekerlik 'n weg vir sy volk berei, ter vervulling van die woorde van Moses, wat hy gespreek het, toe hy sê: 'n [a]Profeet sal die Here julle God oprig vir julle, een soos Ek; Hom sal julle aanhoor in alle dinge wat Hy ook al met julle sal spreek. En dit sal gebeur dat almal wat nie daardie profeet wil aanhoor nie, [b]afgesny sal word van die midde van die volk.

21 En nou ek, Nefi, verklaar aan julle, dat hierdie [a]profeet van wie Moses gespreek het, die Heilige Een van Israel was; daarom, Hy sal [b]oordeel vel in regverdigheid.

22 En die regverdiges hoef nie te vrees nie, want hulle is diegene wat nie beskaam sal word nie. Maar dit is die koninkryk van die duiwel, wat opgerig sal word onder die kinders van mense, welke koninkryk onder hulle gevestig is wat in die vlees is—

23 Want die tyd sal spoedig kom dat alle [a]kerke wat opgerig word vir gewin, en almal wat opgerig word om mag te verkry oor die vlees, en almal wat opgerig word om [b]gewild te word in die oë van die wêreld, en almal wat die luste van die vlees soek en die dinge van die wêreld, en om allerlei ongeregtighede te pleeg; ja, kortom, al diegene wat behoort aan die koninkryk van die duiwel, is hulle wat moet vrees, en bewe, en [c]sidder; hulle is diegene wat verneder moet word tot die stof toe; hulle is diegene wat [d]verteer moet word soos stoppels; en dit is volgens die woorde van die profeet.

24 En die tyd kom spoedig dat die regverdiges gelei moet word soos [a]kalwers van die stal, en die Heilige Een van Israel moet heers met gesag, en mag en krag, en groot heerlikheid.

25 En Hy [a]versamel sy kinders uit die vier hoeke van die aarde; en Hy tel sy skape, en hulle ken Hom; en daar sal een kudde wees en een [b]herder; en Hy sal sy skape

20*a* Joh. 4:19; 7:40.
*b* L&V 133:63.
21*a* Deut. 18:15, 18; Hand. 3:20–23; 1 Ne. 10:4; 3 Ne. 20:23.
*b* Ps. 98:9; Moses 6:57.
23*a* 1 Ne. 14:10; 2 Ne. 26:20. GS Priesterlis.
*b* Lk. 6:26; Alma 1:3.
*c* 2 Ne. 28:19.
*d* 2 Ne. 26:6.
24*a* Amos 6:4; Mal. 4:2; 3 Ne. 25:2.
25*a* GS Israel—Die versameling van Israel.
*b* GS Goeie Herder.

voer, en in Hom sal hulle [c]weiding vind.

26 En vanweë die regverdigheid van sy volk, het [a]Satan geen mag nie; daarom, hy kan nie vir 'n tydperk van [b]baie jare losgemaak word nie; want hy het geen mag oor die harte van die mense nie, want hulle woon in regverdigheid, en die Heilige Een van Israel [c]heers.

27 En nou kyk, ek Nefi, sê vir julle dat al hierdie dinge moet kom volgens die vlees.

28 Maar, kyk, alle nasies, stamme, tale en volke sal veilig woon by die Heilige Een van Israel as dit so sal wees dat hulle sal [a]bekeer.

29 En nou ek, Nefi, maak 'n einde; want ek durf nie verder spreek oor hierdie dinge nie.

30 Daarom, my broers, ek wil hê dat julle moet besef dat die dinge wat geskryf is op die [a]plate van brons, waar is; en hulle getuig dat 'n mens gehoorsaam moet wees aan die gebooie van God.

31 Daarom, julle moet nie veronderstel dat ek en my vader die enigstes is wat getuig het, en hulle ook geleer het nie. Daarom, as julle gehoorsaam sal wees aan die [a]gebooie, en volhard tot die einde toe, sal julle gered word op die laaste dag. En so is dit. Amen.

# DIE TWEEDE BOEK VAN NEFI

'n Kroniek van die dood van Lehi. Nefi se broers rebelleer teen hom. Die Here waarsku Nefi om die wildernis binne te trek. Sy reise in die wildernis, ensovoorts.

## HOOFSTUK 1

*Lehi profeteer van 'n land van vryheid—Sy saad sal verstrooi en geslaan word as hulle die Heilige Een van Israel verwerp—Hy vermaan sy seuns om die wapenrusting van geregtigheid aan te trek. Ongeveer 588–570 v.C.*

EN nou het dit gebeur dat nadat ek, Nefi, 'n einde gemaak het om my broers te onderrig, het ons [a]vader, Lehi, ook baie dinge met hulle gespreek—en aan hulle herhaal, watter groot dinge die Here vir hulle gedoen het deur hulle uit die land Jerusalem te bring.

2 En hy het met hulle gespreek aangaande hulle [a]rebellies op die waters, en die barmhartighede van God deur hulle lewens

25*c* Ps. 23.
26*a* Openb. 20:2; Alma 48:17; L&V 43:31; 45:55; 88:110; 101:28. GS Duiwel.
*b* Jakob 5:76.
*c* GS Millennium.
28*a* GS Bekeer, Bekering; Vergewe.
30*a* 2 Ne. 4:2.
31*a* Matt. 19:17. GS Gebooie van God.

[2 NEFI]
**1** 1*a* GS Patriarg, Patriargaal.
2*a* 1 Ne. 18:9–20.

te spaar, sodat hulle nie opgesluk
is in die see nie.
3 En hy het ook met hulle gespreek aangaande die land van belofte, wat hulle verkry het—hoe barmhartig die Here was om ons te waarsku dat ons moes vlug uit die land Jerusalem.
4 Want, kyk, het hy gesê, ek het ’n [a]visioen gesien, waardeur ek weet dat [b]Jerusalem vernietig is; en as ons in Jerusalem gebly het, sou ons ook [c]omgekom het.
5 Maar, het hy gesê, nieteenstaande ons verdrukkinge, het ons ’n [a]land van belofte verkry, ’n land wat [b]uitverkore is bo alle ander lande; ’n land wat die Here God in ’n [c]verbond met my gesluit het, wat ’n land van erfenis vir my saad sal wees. Ja, die Here het hierdie land deur ’n verbond aan my gegee, en aan my kinders vir ewig, en ook al diegene wat uitgelei sou word uit ander lande deur die hand van die Here.
6 Daarom, ek, Lehi, profeteer volgens die invloed van die Gees wat in my is, dat [a]niemand sal kom na hierdie land tensy hulle gebring sal word deur die hand van die Here nie.
7 Daarom, hierdie [a]land word toegewy aan hom wat Hy sal bring. En as dit so is dat hulle Hom sal dien volgens die gebooie wat Hy gegee het, sal dit ’n land van [b]vryheid vir hulle wees; daarom, hulle sal nooit afgebring word in slawerny nie; indien wel, sal dit wees as gevolg van ongeregtigheid; want as ongeregtigheid heers, [c]vervloek sal die land wees om hulle onthalwe, maar vir die regverdiges sal dit geseënd wees vir ewig.
8 En kyk, dit is wysheid dat hierdie land tans weerhou word van die kennis van ander nasies; want kyk, baie nasies sou die land oorstroom, dat daar geen plek sou wees vir ’n erfenis nie.
9 En nou het ek, Lehi, ’n belofte verkry, dat [a]in soverre diegene wat die Here God sal uitbring uit die land Jerusalem, sy gebooie sal onderhou, hulle [b]voorspoedig sal wees op die aangesig van hierdie land; en hulle sal weggehou word van alle ander nasies, sodat hulle hierdie land mag besit vir hulself. En as dit so is dat hulle sy gebooie sal [c]onderhou, sal hulle geseënd wees op die aangesig van hierdie land, en daar sal niemand wees wat hulle molesteer nie, of om die land van hulle erfenis weg te neem nie; en hulle sal veilig woon vir ewig.
10 Maar kyk, wanneer die tyd kom dat hulle sal kwyn in ongeloof, nadat hulle sulke groot

4*a* GS Visioen.
*b* 2 Kon. 24:14–15; Jer. 44:2; 1 Ne. 1:4; Hel. 8:20.
*c* Alma 9:22.
5*a* GS Beloofde Land.
*b* Ether 2:9–10.
*c* GS Verbond.
6*a* 2 Ne. 10:22.
7*a* Mosia 29:32; Alma 46:10, 20.
*b* 2 Ne. 10:11. GS Vry, Vryheid.
*c* Alma 45:10–14, 16; Morm. 1:17; Ether 2:8–12.
9*a* 2 Ne. 4:4; Alma 9:13.
*b* Deut. 29:9.
*c* GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.

seëninge ontvang het uit die hand van die Here—deurdat hulle kennis het van die skepping van die aarde, en alle mense, en die groot en wonderbaarlike werke van die Here ken vanaf die skepping van die wêreld; deurdat hulle mag gegee is om alle dinge te doen deur geloof; deurdat hulle al die gebooie van die begin af het, en deurdat hulle ingebring is deur sy eindelose goedheid in hierdie kosbare land van belofte—kyk, ek sê, as die dag sal kom dat hulle die Heilige Een van Israel sal verwerp, die ware [a]Messias, hulle Verlosser en hulle God, kyk, die oordele van Hom wat regverdig is, sal op hulle rus.

11 Ja, Hy sal [a]ander nasies na hulle bring, en Hy sal aan hulle mag gee, en Hy sal van hulle wegneem die lande van hulle besittings, en Hy sal veroorsaak dat hulle [b]verstrooi en getref word.

12 Ja, soos een geslag oorgaan na ′n ander, sal daar [a]bloedvergieting, en groot besoekinge onder hulle wees; daarom, my seuns, ek wil hê dat julle sal onthou, ja; ek wil hê dat julle sal ag slaan op my woorde.

13 O, dat julle sou ontwaak; ontwaak uit ′n diepe slaap, ja, en wel van die slaap van die [a]hel, en die aaklige [b]kettings afskud waarmee julle vasgemaak is, wat die kettings is wat die kinders van mense vasbind, sodat hulle gevange weggevoer word af na die ewige [c]kloof van ellende en wee.

14 Ontwaak! en staan op uit die stof, en hoor die woorde van ′n bewende [a]ouer, wie se ledemate julle spoedig moet neerlê in die koue en stille [b]graf, waarvandaan geen reisiger kan terugkeer nie; nog ′n paar dae en ek gaan die [c]weg van die hele aarde.

15 Maar kyk, die Here het my siel [a]verlos van die hel; ek het sy heerlikheid aanskou, en ek word ewiglik omvou deur die [b]arms van sy [c]liefde.

16 En ek begeer dat julle moet onthou om die [a]insettinge en verordeninge van die Here te onderhou; kyk, dit was die bekommernis van my siel van die begin af.

17 My hart was terneergedruk vanweë droefheid van tyd tot tyd, want ek het gevrees, dat weens die hardheid van julle harte die Here julle God op julle sal afkom met die volheid van sy [a]toorn dat julle vir ewig [b]afgesny en vernietig sal word;

18 Of, dat ′n vervloeking oor julle sal kom vir ′n tydperk van

10*a* GS Messias.
11*a* 1 Ne. 13:12–20; Morm. 5:19–20.
*b* 1 Ne. 22:7.
12*a* Morm. 1:11–19; 4:11.
13*a* GS Hel.
*b* Alma 12:9–11.
*c* 1 Ne. 15:28–30; Hel. 3:29–30.
14*a* GS Ouers.
*b* GS Dood, Fisiese.
*c* Jos. 23:14.
15*a* Alma 36:28. GS Versoen, Versoening.
*b* Jakob 6:5; Alma 5:33; 3 Ne. 9:14.
*c* Rom. 8:39. GS Liefde.
16*a* Deut. 4:5–8; 2 Ne. 5:10–11.
17*a* 2 Ne. 5:21–24; Alma 3:6–19.
*b* Mosia 12:8.

[a]baie geslagte; en dat julle besoek word deur swaard, en deur hongersnood, en gehaat word, en gelei word volgens die wil en die slawerny van die [b]duiwel.

19 O my seuns, dat hierdie dinge nie oor julle mag kom nie, maar dat julle ′n [a]uitverkore en begunstigde volk mag wees van die Here. Maar kyk, sy wil geskied; want sy [b]weë is regverdigheid vir ewig.

20 En Hy het gesê dat: [a]In soverre julle my [b]gebooie sal onderhou, sal julle [c]voorspoedig wees in die land; maar in soverre julle my gebooie nie wil onderhou nie, sal julle afgesny word van my teenwoordigheid.

21 En noudat my siel blydskap mag hê in julle, en dat my hart hierdie wêreld mag verlaat met vreugde weens julle, dat ek nie met droefheid en smart na die graf afgebring mag word nie, staan op uit die stof, my seuns, en wees [a]manne, en wees vasberade, [b]een van gees en een van hart, verenig in alle dinge, dat julle nie in slawerny afgebring word nie.

22 Dat julle nie vervloek mag word met ′n vreeslike vervloeking nie; en ook, dat julle nie die misnoeë van ′n [a]regverdige God op julle bring nie, tot die vernietiging, ja, die ewige vernietiging van beide siel en liggaam.

23 Ontwaak, my seuns; trek die [a]wapenrusting van geregtigheid aan. Skud af die kettings waarmee julle gebind is, en kom voort uit die duisternis, en staan op uit die stof.

24 Rebelleer nie langer teen julle broer nie, wie se visioene heerlik was, en wat die gebooie onderhou het van die tyd dat ons Jerusalem verlaat het; en wat ′n werktuig was in die hande van God deur ons voort te bring in die land van belofte; want as dit nie vir hom was nie, moes ons vergaan het van [a]honger in die wildernis; desnieteenstaande, julle het gesoek om sy lewe te [b]neem; ja, en hy het baie smart gely weens julle.

25 En ek vrees en bewe uitermate weens julle, uit vrees dat hy weer sal ly; want kyk, julle het hom beskuldig dat hy mag en [a]gesag gesoek het oor julle; maar ek weet dat hy nie gesoek het na mag nóg gesag oor julle, maar hy het die heerlikheid van God gesoek, en julle eie ewige welsyn.

26 En julle het gemurmureer omdat hy duidelik was met julle. Julle sê dat hy [a]skerpheid gebruik het; julle sê dat hy toornig was

18*a* 1 Ne. 12:20–23.
*b* GS Duiwel.
19*a* GS Verkorene.
*b* Hos. 14:9.
20*a* Jarom 1:9; Mosia 1:6–7; Alma 9:13–14.
*b* Lev. 26:3–14; Joël 2:23–26.
*c* Ps. 67:7; Mosia 2:21–25.
21*a* 1 Sam. 4:9; 1 Kon. 2:2.
*b* Moses 7:18.
22*a* L&V 3:4.
23*a* Efés. 6:11–17.
24*a* 1 Ne. 16:32.
*b* 1 Ne. 16:37.
25*a* Gén. 37:9–11.
26*a* Spr. 15:10; 1 Ne. 16:2; Moro. 9:4; L&V 121:41–43.

op julle; maar kyk, sy skerpheid was die skerpheid van die krag van die woord van God, wat in hom was; en dit wat julle toorn noem, was die waarheid, volgens dit wat in God is, wat hy nie kon bedwing nie, terwyl hy vreesloos aangaande julle ongeregtighede bekendmaak.

27 En dit moet noodwendig wees dat die [a]krag van God met hom moet wees, en wel dat hy julle gebied dat julle gehoorsaam moet wees. Maar kyk, dit was nie hy nie, maar dit was die [b]Gees van die Here wat in hom was, wat sy mond [c]geopen het om te spreek, sodat hy dit nie kon sluit nie.

28 En nou, my seun Laman, en ook Lemuel en Sam, en ook my seuns wat die seuns van Ismael is; kyk, as julle sal ag slaan op die stem van Nefi, sal julle nie vergaan nie. En as julle sal ag slaan op hom, laat ek julle ʼn [a]seëning, ja, en wel my eerste seëning.

29 Maar as julle nie op hom sal ag slaan nie, neem ek my [a]eerste seëning weg, ja, en wel my seëning, en dit sal op hom rus.

30 En nou, Zoram, ek spreek met jou: Kyk, jy is die [a]dienskneg van Laban; desnieteenstaande, jy is uitgebring uit die land Jerusalem, en ek weet dat jy ʼn ware vriend van my seun Nefi is, vir ewig.

31 Daarom, omdat jy getrou was, sal jou saad geseënd wees saam [a]met sy saad, sodat hulle lank in voorspoed sal woon op die aangesig van hierdie land; en niks, behalwe ongeregtigheid onder hulle, sal hulle voorspoed skaad of benadeel op die aangesig van hierdie land vir altyd nie.

32 Daarom, as julle die gebooie van die Here onderhou, het die Here hierdie land toegewy vir die veiligheid van jou saad met die saad van my seun.

## HOOFSTUK 2

*Verlossing kom deur die Heilige Messias—Vryheid van keuse (handelingsmag) is noodsaaklik vir bestaan en vooruitgang—Adam het tot ʼn val gekom sodat die mens mag wees—Die mens is vry om vryheid en die ewige lewe te kies. Ongeveer 588–570 v.C.*

En nou, Jakob, ek spreek met jou: Jy is my [a]eersgeborene in die dae van my beproewing in die wildernis. En kyk, in jou kinderdae het jy verdrukking gely en baie droefheid, vanweë die ruheid van jou broers.

2 Desnieteenstaande, Jakob, my eersgeborene in die wildernis, jy ken die grootheid van God; en Hy sal jou verdrukkinge tot jou voordeel heilig.

3 Daarom, jou siel sal geseënd wees, en jy sal veilig woon met jou broer Nefi; en jou dae sal deurgebring word in die diens van jou God. Daarom, ek weet dat

27*a* 1 Ne. 17:48.
*b* L&V 121:43.
*c* L&V 33:8.
28*a* GS Eersgeboortereg.
29*a* Abr. 1:3.
30*a* 1 Ne. 4:20, 35.
31*a* 2 Ne. 5:6.
**2** 1*a* 1 Ne. 18:7.

jy verlos is, vanweë die regver-
digheid van jou Verlosser; want
jy het gesien dat Hy in die vol-
heid van die tyd kom om heil te
bring vir mense.
4 En jy het sy heerlikheid in jou
jeug [a]gesien; daarom, jy is geseënd
net soos hulle vir wie Hy sal dien
in die vlees; want die Gees is die-
selfde, gister, vandag en vir ewig.
En die weg is berei vanaf die val
van die mens, en heil is [b]vry.
5 En mense is voldoende on-
derrig dat hulle goed van kwaad
kan [a]onderskei. En die wet is aan
mense gegee. En deur die wet
word geen vlees [b]geregverdig nie;
of, deur die wet word die mens
[c]afgesny. Ja, deur die aardse wet
is hulle afgesny; en ook, deur die
geestelike wet vergaan hulle van
dit wat goed is, en word ellendig
vir ewig.
6 Daarom, [a]verlossing kom in en
deur die Heilige [b]Messias; want
Hy is vol [c]genade en waarheid.
7 Kyk, Hy offer Homself as ’n
[a]offerande vir die sonde, om te
voldoen aan die [b]eise van die wet,
aan al diegene wat ’n gebroke hart
en ’n verslae gees het; en niemand
anders kan aan die eise van die
wet voldoen nie.
8 Daarom, hoe groot is die be-
langrikheid om hierdie dinge be-
kend te maak aan die inwoners
van die aarde, dat hulle mag
weet dat daar geen vlees is wat
kan woon in die teenwoordig-
heid van God nie, [a]behalwe deur
die verdienste, en die barmhartig-
heid, en die genade van die Hei-
lige Messias, wat sy lewe neerlê
volgens die vlees, en dit weer op-
neem deur die krag van die Gees,
sodat Hy die [b]opstanding van die
dode teweeg kan bring, omdat Hy
die eerste is wat sal opstaan.
9 Daarom, Hy is die eerste
vrugte voor God, in soverre dat
Hy [a]voorspraak sal doen vir al die
kinders van mense; en hulle wat
glo in Hom, sal gered word.
10 En vanweë die [a]voorspraak
vir almal, kom alle mense tot
God; daarom, hulle staan in sy
teenwoordigheid om [b]geoordeel
te word deur Hom volgens die
waarheid en [c]heiligheid wat in
Hom is. Daarom, die eise van die
wet wat die Heilige Een gegee
het, tot die oplegging van die straf
wat daaraan gekoppel is, welke
straf wat daaraan gekoppel is in
teenstelling met die geluksalig-
heid wat daaraan gekoppel is, om

4 *a* 2 Ne. 11:3; Jakob 7:5.
*b* GS Genade.
5 *a* Moro. 7:16.
*b* Rom. 3:20; 2 Ne. 25:23; Alma 42:12–16. GS Regverdigmaking, Regverdig.
*c* 1 Ne. 10:6; 2 Ne. 9:6–38; Alma 11:40–45; 12:16, 24; 42:6–11; Hel. 14:15–18.
6 *a* 1 Ne. 10:6; 2 Ne. 25:20; Alma 12:22–25. GS Plan van Verlossing.
*b* GS Messias.
*c* Joh. 1:14, 17; Moses 1:6.
7 *a* GS Versoen, Versoening.
*b* Rom. 10:4.
8 *a* 2 Ne. 25:20; 31:21; Mosia 4:8; 5:8; Alma 38:9.
*b* 1 Kor. 15:20; Alma 7:12; 12:24–25; 42:23. GS Opstanding.
9 *a* Jes. 53; Mosia 14:12; 15:8–9.
10 *a* GS Verlosser.
*b* GS Oordeel, Die Laaste.
*c* GS Heiligheid.

die eise van die [d]versoening te beantwoord—

11 Want dit moet noodwendig wees dat daar ʼn [a]teenstelling in alle dinge is. Indien nie, my eersgeborene in die wildernis, sal regverdigheid nie kan geskied nie, nóg ongeregtigheid, nóg heiligheid nóg ellende, nóg goed nóg kwaad. Daarom, alle dinge moet noodwendig ʼn samestelling in een wees; daarom, as dit een liggaam sou wees, sal dit moet bly asof dit dood is, omdat dit nóg lewe nóg dood besit, nóg verganklikheid nóg onverganklikheid, geluk nóg ellende, nóg gevoel nóg gevoelloosheid.

12 Daarom, dit moes noodwendig geskape gewees het as iets sinloos; daarom sou daar geen [a]doel gewees het aan die einde van sy skepping nie. Daarom, hierdie ding moet noodwendig die wysheid van God en sy ewige doeleindes vernietig, en ook die krag, en die barmhartigheid, en die [b]geregtigheid van God.

13 En as julle sal sê daar is [a]geen wet nie, sal julle ook sê daar is geen sonde nie. As julle sal sê daar is geen sonde nie, sal julle ook sê daar is geen regverdigheid nie. En as daar geen regverdigheid is nie, is daar geen geluk nie. En as daar nóg regverdigheid nóg geluk is, is daar geen straf nóg ellende. En as hierdie dinge nie is nie, is [b]daar geen God nie. En as daar geen God is nie, dan bestaan ons nie, nóg die aarde; want daar kon geen skepping van dinge gewees het wat kon handel nóg waarop handeling uitgevoer kon word; daarom, alle dinge moes verdwyn het.

14 En nou, my seuns, ek spreek met julle hierdie dinge tot julle voordeel en lering; want daar is ʼn God, en Hy het alle dinge [a]geskape, beide die hemele en die aarde, en alles wat daarin is, beide dinge om te handel en dinge waarop [b]handeling uitgevoer kan word.

15 En om sy ewige [a]doeleindes teweeg te bring aangaande die uiteinde van die mens, nadat Hy ons eerste ouers geskape het, en die diere van die veld en die voëls van die lug, en kortom, alle dinge wat geskape is, was dit noodwendig dat daar ʼn teenstelling moes wees; en wel die [b]verbode [c]vrug in teenstelling met die [d]boom van die lewe; die een wat soet is en die ander bitter.

16 Daarom, die Here God het aan die mens gegee dat hy selfstandig moet [a]handel. Daarom,

10 *d* 2 Ne. 9:7, 21–22, 26; Alma 22:14; 33:22; 34:9.
11 *a* L&V 29:39; 122:5–9. GS Teenstand.
12 *a* L&V 88:25–26. GS Aarde—Geskape vir die mens.
*b* GS Geregtigheid.
13 *a* 2 Ne. 9:25.
*b* Alma 42:13.
14 *a* GS Skep, Skepping.
*b* L&V 93:30.
15 *a* Jes. 45:18; Alma 42:26; Moses 1:31, 39.
*b* Gén. 2:16–17; Moses 3:17.
*c* Gén. 3:6; Alma 12:21–23.
*d* Gén. 2:9; 1 Ne. 15:22, 36; Alma 32:40.
16 *a* 2 Ne. 10:23; Alma 12:31. GS Handelingsmag.

die mens kan nie selfstandig handel nie behalwe as hy [b]verlok is deur die een of die ander.

17 En ek, Lehi, volgens die dinge wat ek gelees het, moet noodwendig veronderstel, dat ʼn [a]engel van God, volgens dit wat geskrywe is, [b]geval het uit die hemel; daarom, hy het ʼn duiwel geword, omdat hy dit gesoek het wat boos was voor God.

18 En omdat hy geval het uit die hemel, en vir ewig ellendig geword het, het hy ook die ellende van die hele mensdom [a]gesoek. Daarom, hy het aan [b]Eva gesê, ja, en wel daardie ou slang, wat die duiwel is, wat die vader is van alle [c]leuens, daarom het hy gesê: Eet van die verbode vrug, en julle sal nie sterwe nie, maar julle sal wees soos God, om goed en kwaad te [d]ken.

19 En nadat Adam en Eva van die verbode vrug [a]geëet het, is hulle uit die tuin van [b]Eden verdryf om die aarde te bewerk.

20 En hulle het kinders voortgebring; ja, en wel die [a]familie van die hele aarde.

21 En die dae van die kinders van [a]mense is verleng, volgens die wil van God, sodat hulle mag [b]bekeer terwyl hulle in die vlees is; daarom, hulle toestand het ʼn toestand van [c]toetsing geword, en hulle tyd is verleng, volgens die gebooie wat die Here God gegee het aan die kinders van mense. Want Hy het gebod gegee dat alle mense moes bekeer; want Hy het vir alle mense gewys dat hulle [d]verlore was, vanweë die oortreding van hul ouers.

22 En nou kyk, as Adam nie oortree het nie, sou hy nie tot ʼn val gekom het nie, maar hy sou gebly het in die tuin van Eden. En alle dinge wat geskape is, moes in dieselfde toestand gebly het waarin hulle was nadat hulle geskape is; en hulle moes so gebly het tot in ewigheid, en geen einde gehad het nie.

23 En hulle sou geen [a]kinders gehad het nie; daarom sou hulle gebly het in ʼn toestand van onskuld, sonder vreugde omdat hulle geen ellende geken het nie; sonder om goed te doen, want hulle het geen sonde geken nie.

24 Maar kyk, alle dinge het geskied deur die wysheid van Hom wat alle dinge [a]weet.

25 [a]Adam het tot ʼn [b]val gekom sodat die mens mag wees; en

16*b* L&V 29:39–40.
17*a* GS Duiwel.
*b* Jes. 14:12; 2 Ne. 9:8; Moses 4:3–4; Abr. 3:27–28.
18*a* 2 Ne. 28:19–23; 3 Ne. 18:18; L&V 10:22–27.
*b* GS Eva.
*c* 2 Ne. 28:8; Moses 4:4.
*d* Gén. 3:5; Alma 29:5; Moro. 7:15–19.
19*a* Alma 12:31. GS Val van Adam en Eva.
*b* GS Eden.
20*a* L&V 138:38–39.
21*a* Alma 12:24; Moses 4:23–25.
*b* Alma 34:32. GS Bekeer, Bekering.
*c* GS Sterflik, Sterflikheid.
*d* Jakob 7:12.
23*a* Moses 5:11.
24*a* GS God, Godheid.
25*a* GS Adam.
*b* Moses 6:48. GS Val van Adam en Eva.

mense [c]is sodat hulle [d]vreugde mag hê.
26 En die [a]Messias kom in die volheid van die tyd, sodat Hy die kinders van mense van die val kan [b]verlos. En omdat hulle verlos is van die val, het hulle [c]vry geword vir ewig, en hulle ken die goeie van die kwade; om selfstandig te handel en nie waarop handeling uitgevoer word nie, behalwe deur die bestraffing van die [d]wet op die groot en laaste dag, volgens die gebooie wat God gegee het.
27 Daarom, mense is [a]vry volgens die vlees; en alle dinge word aan hulle gegee wat noodsaaklik is vir die mens. En hulle is vry om vryheid te [b]kies en die [c]ewige lewe, deur die groot Middelaar van alle mense, of om slawerny en die dood te kies, volgens die slawerny en die mag van die duiwel; want hy soek daarna dat alle mense ellendig moet wees soos hyself.
28 En nou, my seuns, wil ek hê dat julle moet kyk na die groot [a]Middelaar, en ag slaan op sy groot gebooie; en getrou wees aan sy woorde, en die ewige lewe kies, volgens die wil van sy Heilige Gees;
29 En nie die ewige dood kies, volgens die wil van die vlees en die bose wat daarin is nie, wat die gees van die duiwel die mag gee om [a]gevange te neem, om julle af te bring na die [b]hel, sodat hy mag heers oor julle in sy eie koninkryk.
30 Ek het hierdie paar woorde met julle almal gespreek, my seuns, in die laaste dae van my toetsing; en ek het die goeie deel gekies, volgens die woorde van die profeet. En ek het geen ander oogmerk nie as die ewigdurende welsyn van julle siele. Amen.

## HOOFSTUK 3

*Josef in Egipte het die Nefiete gesien in ′n visioen—Hy het geprofeteer van Joseph Smith, die siener van die laaste dae; van Moses, wat Israel sou bevry; en van die te voorskyn kom van die Boek van Mormon. Ongeveer 588–570 v.C.*

EN nou spreek ek met jou, Josef, my [a]laasgeborene. Jy is gebore in die wildernis van my verdrukkinge; ja, in die dae van my grootste droefheid het jou moeder jou gebaar.
2 En mag die Here ook aan jou hierdie [a]land toewy, wat ′n uiters kosbare land is, vir jou erfenis en die erfenis van jou saad saam met jou broers, as jou sekerheid vir ewig, as dit so is dat jy die

25*c* GS Sterflik, Sterflikheid.
*d* Moses 5:10. GS Mens die, Mense; Vreugde.
26*a* GS Messias.
*b* GS Plan van Verlossing.
*c* Alma 42:27; Hel. 14:30.
*d* GS Wet.
27*a* Gal. 5:1; Moses 6:56.
*b* GS Handelingsmag.
*c* GS Ewige Lewe.
28*a* GS Middelaar.
29*a* Rom. 6:16–18; Alma 12:11.
*b* GS Hel.
**3** 1*a* 1 Ne. 18:7.
2*a* 1 Ne. 2:20. GS Beloofde Land.

gebooie onderhou van die Heilige Een van Israel.

3 En nou, Josef, my laasgeborene, wat ek uit die wildernis van my verdrukkinge uitgebring het, mag die Here jou seën vir ewig, want jou saad sal nie heeltemal [a]vernietig word nie.

4 Want kyk, jy is die vrug van my lendene; en ek is ′n afstammeling van [a]Josef wat [b]gevange weggevoer is na Egipte. En groot was die verbonde van die Here wat Hy met Josef gesluit het.

5 Daarom, Josef het waarlik ons dag [a]gesien. En hy het ′n belofte ontvang van die Here, dat van die vrug van sy lendene sal die Here God ′n [b]regverdige [c]tak voortbring van die huis van Israel; nie die [d]Messias nie, maar ′n tak wat afgebreek sou word, nietemin, om onthou te word in die verbonde van die Here, dat die Messias geopenbaar sal word aan hulle in die laaste dae, deur die gees van krag, om hulle uit die [e]duisternis tot die lig te bring—ja, uit verborge duisternis en uit gevangenskap na vryheid.

6 Want Josef het inderdaad getuig, en gesê: ′n [a]Siener sal die Here my God opwek, wat ′n uitverkore siener sal wees vir die vrug van my [b]lendene.

7 Ja, Josef het waarlik gesê: So sê die Here vir my: ′n Uitverkore [a]siener sal Ek voortbring uit die vrug van jou lendene; en hy sal hoog geag word onder die vrug van jou lendene. En aan hom sal Ek bevel gee dat hy ′n werk sal doen vir die vrug van jou lendene, sy broers, wat van groot waarde sal wees vir hulle, en wel om hulle te bring tot die kennis van die verbonde wat Ek gesluit het met jou vaders.

8 En Ek sal aan hom ′n gebod gee dat hy [a]geen ander werk sal doen, behalwe die werk wat Ek hom sal gebied nie. En Ek sal hom groot maak in my oë; want hy sal my werk doen.

9 En hy sal groot wees soos [a]Moses, wat Ek gesê het Ek vir julle sal opwek om my volk te [b]verlos, o huis van Israel.

10 En Ek sal vir Moses opwek, om jou volk te verlos uit Egipteland.

11 Maar ′n siener sal Ek opwek uit die vrug van jou lendene; en aan hom sal Ek [a]mag gee om my woord voort te bring aan die saad van jou lendene—en nie net om my woord voort te bring nie, sê die Here, maar om hulle te oortuig van my woord, wat alreeds onder hulle uitgegaan het.

3*a* 2 Ne. 9:53.
4*a* Gén. 39:1–2; 45:4; 49:22–26; 1 Ne. 5:14–16.
*b* Gén. 37:29–36.
5*a* JSV Gén. 50:24–38 (Bylae); 2 Ne. 4:1–2.
*b* Jakob 2:25.
*c* Gén. 49:22–26; 1 Ne. 15:12; 19:24. GS Wingerd van die Here.
*d* 2 Ne. 6:14; L&V 3:16–20.
*e* Jes. 42:16.
6*a* 3 Ne. 21:8–11; Morm. 8:16. GS Siener.
*b* L&V 132:30.
7*a* GS Smith, Joseph, Jr.
8*a* L&V 24:7, 9.
9*a* Moses 1:41.
*b* Ex. 3:7–10; 1 Ne. 17:24.
11*a* L&V 5:3–4.

12 Daarom, die vrug van jou lendene sal skrywe; en die vrug van die lendene van [a]Juda sal [b]skrywe; en dit wat [c]geskrywe sal word deur die vrug van jou lendene, en ook dit wat geskrywe sal word deur die vrug van die lendene van Juda, sal saamgroei, tot [d]weerlegging van valse leerstellings, en die beslegtiging van twiste, en om vrede te vestig onder die vrug van jou lendene, en om hulle te [e]bring tot die [f]kennis van hulle vaders in die laaste dae, en ook tot die kennis van my verbonde, sê die Here.

13 En uit swakheid sal hy sterk gemaak word, in daardie dag wanneer my werk sal begin onder my hele volk, om jou te herstel, o huis van Israel, sê die Here.

14 En so het Josef geprofeteer, en gesê: Kyk, daardie siener sal die Here seën; en hulle wat soek om hom te vernietig, sal beskaam word; want hierdie belofte, wat ek verkry het van die Here, aangaande die vrug van my lendene, sal vervul word. Kyk, ek is seker omtrent die vervulling van hierdie belofte;

15 En sy [a]naam sal na my genoem word; en dit sal ook die [b]naam wees van sy vader. En hy sal soos ek wees; want die ding wat die Here sal voortbring deur sy hand, deur die mag van die Here sal my volk tot heil bring.

16 Ja, so het Josef geprofeteer: Ek is seker van hierdie ding, net soos ek seker is van die belofte van Moses; want die Here het aan my gesê, Ek sal jou saad [a]bewaar vir ewig.

17 En die Here het gesê: Ek sal ′n Moses opwek; en Ek sal hom mag gee in ′n roede; en Ek sal hom die vermoë gee om te skryf. Tog sal Ek sy tong nie losmaak, sodat hy veel kan spreek nie, want Ek sal hom nie magtig maak in spraak nie. Maar Ek sal my wet vir hom [a]skryf, deur die vinger van my eie hand; en Ek sal vir hom ′n [b]woordvoerder maak.

18 En die Here het ook aan my gesê: Ek sal opwek vir die vrug van jou lendene; en Ek sal vir hom ′n woordvoerder maak. En Ek, kyk, Ek sal vir hom gee dat hy die skrif van die vrug van jou lendene sal skrywe, aan die vrug van jou lendene; en die woordvoerder van jou lendene sal dit verkondig.

19 En die woorde wat hy sal skrywe, sal die woorde wees wat raadsaam is in my wysheid om uit te gaan na die [a]vrug van jou lendene. En dit sal wees asof die vrug van jou lendene hulle toegeroep het [b]uit die stof; want Ek ken hulle geloof.

12 *a* 1 Ne. 13:23–29.
*b* GS Boek van Mormon.
*c* GS Bybel.
*d* Eség. 37:15–20; 1 Ne. 13:38–41; 2 Ne. 29:8; 33:10–11.
*e* Moro. 1:4.
*f* 1 Ne. 15:14; 2 Ne. 30:5; Morm. 7:1, 5, 9–10.
15 *a* L&V 18:8.
*b* JS—G 1:3.
16 *a* Gén. 45:1–8.
17 *a* Deut. 10:2, 4; Moses 2:1.
*b* Ex. 4:16.
19 *a* L&V 28:8.
*b* Jes. 29:4; 2 Ne. 27:13; 33:13; Morm. 9:30; Moro. 10:27.

20 En hulle sal [a]roep uit die stof; ja, en wel bekering tot hulle broeders, selfs nadat baie geslagte vir hulle verbygegaan het. En dit sal gebeur dat hulle geroep sal opgaan en wel volgens die eenvoud van hulle woorde.
21 Vanweë hulle geloof sal hul [a]woorde uitgaan uit my mond na hulle broers wat die vrug is van jou lendene; en die swakheid van hulle woorde sal Ek sterk maak in hulle geloof, om my verbond te onthou wat Ek met jou vaders gesluit het.
22 En nou, kyk, my seun Josef, op hierdie wyse het my vader van ouds [a]geprofeteer.
23 Daarom, vanweë hierdie verbond is jy geseënd; want jou saad sal nie vernietig word nie, want hulle sal ag slaan op die woorde van die boek.
24 En daar sal een opstaan onder hulle wat magtig is, wat baie goed sal doen, beide in woord en in daad, wat ′n werktuig sal wees in die hande van God, met uitnemende geloof, om magtige wonders te verrig, en dit doen wat groot is in die oë van God, om baie herstelling aan die huis van Israel teweeg te bring, en aan die saad van jou broers.
25 En nou, geseënd is jy, Josef. Kyk, jy is jonk; daarom, slaan ag op die woorde van jou broer, Nefi, en dit sal aan jou gedoen word en wel volgens die woorde wat ek gespreek het. Onthou die woorde van jou sterwende vader. Amen.

## HOOFSTUK 4

*Lehi gee sy nageslag raad en seën hulle—Hy sterf en word begrawe—Nefi roem in die goedheid van God—Nefi plaas sy vertroue in die Here vir ewig. Ongeveer 588–570 v.C.*

En nou, ek, Nefi, spreek aangaande die profesieë wat my vader gespreek het aangaande [a]Josef, wat weggevoer is na Egipte.
2 Want kyk, hy het waarlik geprofeteer aangaande al sy saad. En die [a]profesieë wat hy geskrywe het, is daar nie baie groter nie. En hy het geprofeteer aangaande ons, en ons toekomstige geslagte; en hulle is geskrywe op die plate van brons.
3 Daarom, nadat my vader ′n einde gemaak het om te spreek aangaande die profesieë van Josef, het hy die kinders van Laman geroep, sy seuns, en sy dogters, en vir hulle gesê: Kyk, my seuns, en my dogters, wat die seuns en die dogters is van my [a]eersgeborene, ek wil hê dat julle die oor neig na my woorde.
4 Want die Here God het gesê dat: [a]In soverre julle my gebooie sal onderhou, sal julle voorspoedig wees in die land; en in soverre julle nie my gebooie sal onderhou nie, sal julle afgesny word van my teenwoordigheid.

20*a* 2 Ne. 26:16; Morm. 8:23.
21*a* 2 Ne. 29:2.
22*a* 2 Ne. 3:5.
**4** 1*a* Gén. 39:1–2.
2*a* 2 Ne. 3:5.
3*a* GS Eersgeborene.
4*a* 2 Ne. 1:9.

5 Maar kyk, my seuns en my
dogters, ek kan nie neerdaal in
my graf tensy ek 'n [a]seëning laat
op julle nie; want kyk, ek weet dat
as julle onderrig word in die [b]weg
wat julle moet gaan, sal julle nie
daarvan afwyk nie.
6 Daarom, as julle vervloek is,
kyk, ek laat my seëning op julle,
dat die vloek van julle wegge-
neem mag word en verantwoord
word op die [a]hoofde van julle ou-
ers.
7 Daarom, as gevolg van my
seëning sal die Here God [a]nie
toelaat dat julle sal vergaan nie;
daarom, Hy sal [b]barmhartig wees
teenoor julle en julle saad vir ewig.
8 En dit het gebeur dat nadat
my vader 'n einde gemaak het
om met die seuns en dogters van
Laman te spreek, het hy dit so
bewerkstellig dat die seuns en
dogters van Lemuel voor hom
gebring word.
9 En hy het met hulle gespreek,
en gesê: Kyk, my seuns en my
dogters, wat die seuns en dog-
ters van my tweede seun is, kyk,
ek laat aan julle dieselfde seëning
wat ek aan die seuns en dogters
van Laman gelaat het; daarom,
julle sal nie heeltemal vernietig
word nie; maar aan die einde sal
julle saad geseën word.
10 En dit het gebeur dat na-
dat my vader 'n einde gemaak
het om met hulle te spreek, kyk,
het hy met die seuns van [a]Ismael
gespreek, ja, en wel met sy hele
huisgesin.
11 En nadat hy 'n einde gemaak
het om met hulle te spreek, het
hy met Sam gespreek, en gesê:
Geseënd is jy, en jou saad; want
jy sal die land beërwe soos jou
broer Nefi. En jou saad sal gere-
ken word met sy saad; en jy sal
soos jou broer wees, en jou saad
soos sy saad; en jy sal geseënd
wees in al jou dae.
12 En dit het gebeur nadat my
vader, Lehi, met sy hele huisge-
sin gespreek het, volgens die ge-
voelens van sy hart en die Gees
van die Here wat in hom was, het
hy oud geword. En dit het gebeur
dat hy gesterwe het, en begrawe
is.
13 En dit het gebeur dat nie baie
dae na sy dood nie, Laman en Le-
muel en die seuns van Ismael vir
my kwaad was vanweë die ver-
maninge van die Here.
14 Want ek, Nefi, was gedwing
om met hulle te spreek, volgens
sy woord; want ek het baie dinge
met hulle gespreek, asook my va-
der, voor sy dood; baie van hier-
die woorde is geskrywe op my
[a]ander plate; want 'n meer ge-
skiedkundige deel is geskryf op
my ander plate.
15 En op [a]hierdie skrywe ek die
dinge van my siel, en baie van die
skrifture wat gegraveer is op die

5*a* GS Patriargale Seëninge.
*b* Spr. 22:6.
6*a* L&V 68:25–29.
7*a* 2 Ne. 30:3–6; L&V 3:17–18.
*b* 1 Ne. 13:31; 2 Ne. 10:18–19; Jakob 3:5–9; Hel. 15:12–13.
10*a* 1 Ne. 7:6.
14*a* 1 Ne. 1:16–17; 9:4.
15*a* 1 Ne. 6:4–6.

plate van brons. Want my siel ver-
lustig hom in die skrifture, en my
hart [b]bepeins hulle, en skryf hulle
neer vir die [c]lering en die voor-
deel van my kinders.
16 Kyk, my [a]siel verlustig hom
in die dinge van die Here; en my
[b]hart bepeins gedurig die dinge
wat ek gesien en gehoor het.
17 Nogtans, nieteenstaande die
groot [a]goedheid van die Here,
deur my sy groot en wonderbaar-
like werke te toon, roep my hart
uit: O, [b]ellendige mens wat ek is!
Ja, my hart is bedroef vanweë my
vlees; my siel treur vanweë my
ongeregtighede.
18 Ek is omring, vanweë die ver-
soekinge en die sondes wat my so
maklik [a]oorval.
19 En wanneer ek my wil ver-
heug, kreun my hart vanweë my
sondes; nogtans, ek weet in wie
ek vertrou het.
20 My God was my steun; Hy
het my gelei deur my verdruk-
kinge in die wildernis; en Hy het
my bewaar op die waters van die
groot diepte.
21 Hy het my gevul met sy
[a]liefde, selfs tot die vertering van
my vlees.
22 Hy het my [a]vyande beskaam,
en hulle laat sidder voor my.
23 Kyk, Hy het my geroep
gehoor bedags en Hy het my
snags kennis gegee deur [a]visi-
oene.
24 En bedags het ek vrymoedig
geword in magtige [a]gebed voor
Hom; ja, my stem het ek omhoog
gestuur; en engele het neergedaal
en my gedien.
25 En op die vleuels van sy Gees
is my liggaam [a]weggevoer op ui-
termate hoë berge. En my oë het
groot dinge gesien, ja, selfs te
groot vir die mens; daarom is ek
beveel om hulle nie te skryf nie.
26 O, dan, as ek sulke groot
dinge gesien het, as die Here in
sy neerdalendheid teenoor die
kinders van mense, die mens be-
soek het met soveel barmhartig-
heid, [a]hoekom sou my hart ween,
en my siel talm in die dal van
droefheid, en my vlees wegteer,
en my krag verflou, vanweë my
verdrukkinge?
27 En hoekom sou ek [a]toegee
aan die sonde, vanweë my vlees?
Ja, hoekom, sou ek swig voor
[b]versoekinge, sodat die bose een
plek kry in my hart om my [c]vrede
te vernietig en my siel te bedroef?
Hoekom is ek kwaad vanweë my
vyand?
28 Ontwaak, my siel! Wees nie
langer bedruk in die sonde nie.
Verbly jou, o my hart, en moenie

---

15*b* GS Peins; Skrifture.
*c* 1 Ne. 19:23.
16*a* GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
*b* GS Hart.
17*a* 2 Ne. 9:10; L&V 86:11.
*b* Rom. 7:24.
18*a* Rom. 7:21–23; Hebr. 12:1; Alma 7:15.
21*a* GS Liefde.
22*a* 1 Ne. 17:52.
23*a* GS Visioen.
24*a* Jak. 5:16; 1 Ne. 2:16.
25*a* 1 Ne. 11:1; Moses 1:1–2.
26*a* Ps. 43:5.
27*a* Rom. 6:13.
*b* GS Versoek, Versoeking.
*c* GS Vrede.

langer plek gee vir die [a]vyand van my siel nie.

29 Word nie weer kwaad vanweë my vyande nie. Moenie my krag verflou vanweë my verdrukkinge nie.

30 Verbly jou, o my hart, en roep tot die Here, en sê: O Here, ek sal U loof vir ewig; ja, my siel sal hom verbly in U, my God, en die [a]rots van my heil.

31 O Here, sal U my siel verlos? Sal U my bevry uit die hande van my vyande? Sal U my maak dat ek mag sidder ten aanskoue van die [a]sonde?

32 Mag die poorte van die hel gedurig gesluit wees voor my, omdat my [a]hart gebroke is en my gees verslae is! O Here, sal U nie die poorte van u regverdigheid voor my sluit nie, dat ek mag [b]wandel in die weg van die lae vallei, dat ek nougeset mag bly op die gelyke pad!

33 O Here, sal U my omvou in die mantel van u regverdigheid! O Here, sal U vir my ′n weg open om te ontvlug voor my vyande! Sal U my pad reguit maak voor my! Sal U nie ′n struikelblok plaas in my weg nie—maar dat U my weg sal oopmaak voor my, en nie my weg versper nie, maar die weë van my vyand.

34 O Here, ek het op U [a]vertrou, en ek sal op U vertrou vir ewig. Ek sal nie my [b]vertroue stel in die arm van vlees nie; want ek weet, vervloek is hy wat sy [c]vertroue stel in die arm van vlees. Ja, vervloek is hy wat sy vertroue stel in die mens of vlees sy arm maak.

35 Ja, ek weet dat die Here [a]mildelik sal gee aan hom wat vra. Ja, my God sal vir my gee, as ek nie [b]verkeerd [c]vra nie; daarom sal ek my stem verhef tot U; ja, ek sal roep tot U, my God, die [d]rots van my regverdigheid. Kyk, my stem sal vir ewig opgaan na U, my rots en my ewigdurende God. Amen.

## HOOFSTUK 5

*Die Nefiete skei hulleself af van die Lamaniete, onderhou die wet van Moses, en bou ′n tempel—Vanweë hulle ongeloof, is die Lamaniete afgesny van die teenwoordigheid van die Here, is vervloek, en word ′n gésel vir die Nefiete. Ongeveer 588–559 v.C.*

Kyk, dit het gebeur dat ek, Nefi, veel geroep het tot die Here my God, vanweë die [a]toorn van my broers.

2 Maar kyk, hulle toorn het toegeneem teenoor my, in soverre dat hulle gesoek het om my lewe te neem.

3 Ja, hulle het gemurmureer teen my, en gesê: Ons jonger broer dink om te [a]heers oor ons;

28*a* GS Duiwel.
30*a* 1 Kor. 3:11. GS Rots.
31*a* Rom. 12:9; Alma 13:12.
32*a* GS Gebroke Hart.
*b* GS Wandel, Wandel met God.
34*a* GS Vertrou.
*b* Ps. 44:7–9.
*c* Jer. 17:5; Morm. 3:9; 4:8.
35*a* Jak. 1:5.
*b* Hel. 10:5.
*c* GS Gebed.
*d* Deut. 32:4.
**5** 1*a* 2 Ne. 4:13–14.
3*a* 1 Ne. 16:37–38; Mosia 10:14–15.

en ons het baie beproewinge gehad as gevolg van hom; daarom, nou laat ons hom doodmaak, dat ons nie langer gekwel word vanweë sy woorde nie. Want kyk, ons wil hom nie hê as ons heerser nie; want dit behoort aan ons, wat die ouer broers is, om te heers oor hierdie volk.

4 Nou skryf ek nie op hierdie plate al die woorde wat hulle gemurmureer het teen my nie. Maar dit is genoeg vir my om te sê, dat hulle gesoek het om my lewe te neem.

5 En dit het gebeur dat die Here my [a]gewaarsku het, dat ek, [b]Nefi, moes weggaan van hulle en die wildernis binnevlug, en al diegene wat saam met my wou gaan.

6 Daarom, dit het gebeur dat ek, Nefi, my gesin geneem het, en ook [a]Zoram en sy gesin, en Sam, my ouer broer en sy gesin, en Jakob en Josef, my jonger broers, en ook my susters, en al diegene wat saam met my wou gaan. En al diegene wat saam met my wou gaan, is hulle wat geglo het in die [b]waarskuwings en die openbarings van God; daarom, hulle het ag geslaan op my woorde.

7 En ons het ons tente geneem en watter dinge ook al vir ons moontlik was, en gereis in die wildernis vir ′n tydperk van baie dae. En nadat ons gereis het vir ′n tydperk van baie dae, het ons ons tente opgeslaan.

8 En my volk wou hê dat ons die naam van die plek [a]Nefi moes noem; daarom, ons het dit Nefi genoem.

9 En al diegene wat saam met my was het dit op hulle geneem om hulself die [a]volk van Nefi te noem.

10 En ons het gepoog om die verordeninge te onderhou, en die insettinge, en die gebooie van die Here in alle dinge volgens die [a]wet van Moses.

11 En die Here was met ons; en ons was uitermate voorspoedig; want ons het saad gesaai, en ons het weer geoes in oorvloed. En ons het begin om kleinvee te teel, en grootvee, en diere van alle soorte.

12 En ek, Nefi, het ook die kronieke gebring wat gegraveer was op die [a]plate van brons; en ook die [b]bal, of [c]kompas, wat berei is vir my vader deur die hand van die Here, volgens dit wat geskrywe is.

13 En dit het gebeur dat ons uitermate voorspoedig begin word en vermenigvuldig het in die land.

14 En ek, Nefi, het die [a]swaard van Laban geneem, en daarvolgens baie swaarde gemaak, uit

5*a* GS Inspirasie, Inspireer.
*b* Mosia 10:13.
6*a* 1 Ne. 4:35; 16:7; 2 Ne. 1:30–32.
*b* GS Waarsku, Waarskuwing.
8*a* Omni 1:12, 27; Mosia 9:1–4; 28:1.
9*a* Jakob 1:13–14.
10*a* 2 Ne. 11:4. GS Wet van Moses.
12*a* Mosia 1:3–4. GS Plate.
*b* Mosia 1:16.
*c* 1 Ne. 16:10, 16, 26; 18:12, 21; Alma 37:38–47; L&V 17:1.
14*a* 1 Ne. 4:9; Jakob 1:10; WvM 1:13.

vrees dat die volk wat nou die [b]Lamaniete genoem is, op ons sou neerkom en ons vernietig; want ek het hulle haat geken teenoor my en my kinders en diegene wat my volk genoem is.

15 En ek het my volk geleer om geboue te bou, en om allerlei hout te bewerk, en van [a]yster, en van koper, en van brons, en van staal, en van goud, en van silwer, en van kosbare ertse, wat in groot oorvloed was.

16 En ek, Nefi, het 'n [a]tempel gebou; en ek het dit opgerig volgens die wyse van die [b]tempel van Salomo, behalwe dat dit nie gebou was van so baie [c]kosbare dinge nie; want hulle was nie te vinde in die land nie, daarom, dit kon nie gebou word soos Salomo se tempel nie. Maar die wyse van oprigting was soos die tempel van Salomo; en die afwerking daarvan was uitermate goed.

17 En dit het gebeur dat ek, Nefi, my volk geleer het om [a]vlytig te wees, en om te werk met hulle hande.

18 En dit het gebeur dat hulle wou hê dat ek hulle [a]koning moes wees. Maar ek, Nefi, was begerig dat hulle nie 'n koning moes hê nie; desnieteenstaande, ek het vir hulle gedoen volgens dit wat in my mag was.

19 En kyk, die woorde van die Here is vervul teenoor my broers, wat Hy gespreek het aangaande hulle, dat ek hulle [a]heerser sou wees en hulle [b]leraar. Daarom, ek was hulle heerser en hulle leraar, volgens die gebooie van die Here, totdat hulle gesoek het om my lewe te neem.

20 Daarom, die woord van die Here is vervul wat Hy met my gespreek het, naamlik: In soverre hulle [a]nie op jou woorde wil ag slaan nie, sal hulle [b]afgesny word van die teenwoordigheid van die Here. En kyk, hulle was afgesny van sy teenwoordigheid.

21 En Hy het veroorsaak dat die [a]vervloeking oor hulle kom, ja, 'n vreeslike vervloeking, vanweë hulle ongeregtigheid. Want kyk, hulle het hulle harte verhard teen Hom, sodat hulle geword het soos 'n vuurklip; daarom, aangesien hulle blank was, en uitermate mooi en [b]aangenaam, dat hulle nie aantreklik mag wees vir my volk nie, het die Here God 'n [c]vel van donkerheid op hulle laat kom.

22 En so sê die Here God: Ek sal veroorsaak dat hulle [a]weersinwekkend sal wees vir jou volk, tensy hulle hul sal bekeer van hul ongeregtighede.

23 En vervloek sal die saad van

14*b* GS Lamaniete.
15*a* Ether 10:23.
16*a* GS Tempel, Huis van die Here.
*b* 1 Kon. 6; 2 Kron. 3.
*c* L&V 124:26–27.
17*a* Gén. 3:19; L&V 42:42.
18*a* Jakob 1:9, 11.
19*a* 1 Ne. 2:22.
*b* GS Onderrig, Onderwyser.
20*a* 2 Ne. 2:21.
*b* Alma 9:14.
21*a* GS Vloek, Vervloekings.
*b* 4 Ne. 1:10.
*c* 2 Ne. 26:33; 3 Ne. 2:14–16.
22*a* 1 Ne. 12:23.

hom wees wat [a]meng met hulle
saad, want hulle sal vervloek
word en wel met dieselfde ver-
vloeking. En die Here het dit ge-
spreek en dit het geskied.
24 En vanweë hul vervloeking
wat op hulle was, het hulle 'n [a]lui
volk geword, vol ondeug en lis-
tigheid, en het gesoek in die wil-
dernis na diere as prooi.
25 En die Here God het aan my
gesê: Hulle sal 'n gésel wees vir
jou saad, om hulle aan te spoor
om My te onthou; en in soverre
hulle My nie wil onthou nie, en
ag slaan op my woorde nie, sal
hulle hul gésel tot vernietiging
toe.
26 En dit het gebeur dat ek,
Nefi, Jakob en Josef [a]gewy het,
dat hulle priesters en leraars sou
wees oor die land van my volk.
27 En dit het gebeur dat ons ge-
leef het volgens die wyse van ge-
luk.
28 En dertig jaar het verbyge-
gaan van die tyd dat ons Jerusa-
lem verlaat het.
29 En ek, Nefi, het die kronieke
bygehou op my plate van my volk
tot dusver wat ek gemaak het.
30 En dit het gebeur dat die Here
God aan my gesê het: Maak [a]an-
der plate; en jy moet baie dinge
op hulle graveer wat goed is in
my oë, tot voordeel van jou volk.
31 Daarom het ek, Nefi, om ge-
hoorsaam te wees aan die bevele
van die Here, heengegaan en
[a]hierdie plate gemaak waarop ek
hierdie dinge gegraveer het.
32 En ek het dit wat aangenaam
is vir God gegraveer. En as my
volk behae skep in die dinge van
God, sal hulle behae skep in my
graveerwerk wat op hierdie plate
is.
33 En as my volk begeer om te
weet aangaande die meer beson-
dere deel van die geskiedenis van
my volk, moet hulle my ander
plate ondersoek.
34 En dit is vir my genoeg om te
sê dat veertig jaar verbygegaan
het, en ons het alreeds oorloë en
twiste met ons broers gehad.

## HOOFSTUK 6

*Jakob verhaal Joodse geskiedenis: Die Babiloniese slawerny en terugkeer; die bediening en kruisiging van die Heilige Een van Israel; die hulp ontvang van die nie-Jode; en die Jode se herstel in die laaste dae wanneer hulle in die Messias glo. Ongeveer 559–545 v.C.*

Die woorde van Jakob, die broer
van Nefi, wat hy met die volk van
Nefi gespreek het:
2 Kyk, my geliefde broers, ek,
Jakob, wat geroep is deur God,
en geordineer is volgens die wyse
van sy heilige orde, en wat geor-
dineer is deur my broer Nefi, na
wie julle opsien as 'n [a]koning of
beskermer, en op wie julle staat-
maak vir veiligheid, kyk, julle

23*a* GS Huwelik, Trou—Tussengeloofhuwelik.
24*a* GS Lui, Luiheid.
26*a* Jakob 1:18–19; Mosia 23:17.
30*a* 1 Ne. 19:1–6.
31*a* GS Plate.
**6** 2*a* Jakob 1:9, 11.

weet dat ek uitermate baie dinge
met julle gespreek het.
3 Desnieteenstaande, ek spreek
weer met julle; want ek is begaan
oor die welsyn van julle siele. Ja,
my kommer is groot vir julle; en
julle weet self dat dit altyd so was.
Want ek het julle vermaan met alle
ywer; en ek het julle die woorde
van my vader geleer; en ek het
met julle gespreek aangaande alle
dinge wat geskrywe is, vanaf die
skepping van die wêreld.
4 En nou, kyk, ek wil met julle
spreek aangaande die dinge
wat is, en die dinge wat sal
kom; daarom, ek sal vir julle die
woorde van [a]Jesaja lees. En dit is
die woorde wat my broer gevra
het dat ek met julle moet spreek.
En ek spreek met julle om julle
onthalwe, sodat julle mag leer en
die naam van julle God mag ver-
heerlik.
5 En nou, die woorde wat ek sal
lees is dit wat Jesaja gespreek het
aangaande die hele huis van Is-
rael; daarom, dit kan toegepas
word op julle, want julle is van
die huis van Israel. En daar is baie
dinge wat deur Jesaja gespreek is,
wat toegepas mag word op julle,
omdat julle van die huis van Is-
rael is.
6 En nou, dit is die woorde: [a]So
sê die Here God: Kyk Ek sal my
hand ophef na die nie-Jode, en
my [b]vaandel oprig na die volk;
en hulle sal jou seuns bring in
hulle arms en jou dogters sal ge-
dra word op hulle skouers.
7 En konings sal julle pleegva-
ders wees en hulle koninginne
julle pleegmoeders; hulle sal
neerbuig voor jou met hul aan-
gesigte na die aarde, en die stof
oplek van jou voete; en jy sal weet
dat Ek die Here is; want hulle sal
nie beskaamd staan wat [a]wag vir
My nie.
8 En nou ek, Jakob, wil iet-
wat spreek aangaande hierdie
woorde. Want kyk, die Here het
aan my getoon dat diegene wat
in [a]Jerusalem was, waarvandaan
ons gekom het, doodgemaak en
[b]gevange weggevoer is.
9 Nogtans, die Here het aan my
getoon dat hulle weer sal [a]terug-
keer. En Hy het ook aan my ge-
toon dat die Here God, die Heilige
Een van Israel, Hom sal openbaar
aan hulle in die vlees; en nadat Hy
hom sal openbaar aan hulle, sal
hulle Hom gésel en Hom [b]kruisig,
volgens die woorde van die engel
wat dit met my gespreek het.
10 En nadat hulle hul harte ver-
hard het en hardnekkig geword
het teen die Heilige Een van Israel,
kyk, die [a]oordele van die Heilige
Een van Israel sal oor hulle kom.

---

4*a* 3 Ne. 23:1.
6*a* Jes. 49:22–23.
*b* GS Vaandel.
7*a* L&V 133:45; Moses 1:6.
8*a* Ester 2:6; 1 Ne. 7:13; 2 Ne. 25:10; Omni 1:15; Hel. 8:20–21.
*b* 2 Kon. 24:10–16; 25:1–12. GS Israel—Die verstrooiing van Israel.
9*a* 1 Ne. 10:3.
*b* 1 Ne. 19:10, 13; Mosia 3:9; 3 Ne. 11:14–15. GS Kruisiging.
10*a* Matt. 27:24–25.

En die dag kom dat hulle geslaan en verdruk sal word.

11 Daarom, nadat hulle heen en weer verdrywe word, want so sê die engel, baie sal verdruk word in die vlees, en sal nie toegelaat word om te vergaan nie, vanweë die gebede van die gelowiges; hulle sal verstrooi, en geslaan, en gehaat word; nogtans, die Here sal barmhartig wees teenoor hulle, sodat [a]wanneer hulle sal kom tot die [b]kennis van hulle Verlosser, sal hulle weer [c]versamel word na die lande van hulle erfenis.

12 En geseënd is die [a]nie-Jode, hulle van wie die profeet geskrywe het; want kyk, as dit so is dat hulle sal bekeer en nie stry teen Sion nie, en hulle nie verenig met daardie groot en [b]gruwelike kerk nie, sal hulle gered word; want die Here God sal sy [c]verbonde nakom wat Hy gesluit het met sy kinders; en om hierdie rede het die profeet hierdie dinge geskrywe.

13 Daarom, hulle wat stry teen Sion en die verbondsvolk van die Here, sal die stof oplek van hulle voete; en die volk van die Here sal nie [a]beskaam word nie. Want die volk van die Here is diegene wat vir Hom [b]wag; want hulle wag steeds vir die koms van die Messias.

14 En kyk, volgens die woorde van die profeet, die Messias sal homself die taak stel om hulle weer ′n [a]tweede keer terug te win; daarom, Hy sal Homself aan hulle [b]openbaar in krag en groot heerlikheid, tot die [c]vernietiging van hulle vyande, wanneer daardie dag kom dat hulle in Hom sal glo; en Hy sal niemand vernietig wat in Hom glo nie.

15 En hulle wat nie glo in Hom nie, sal [a]vernietig word, beide deur [b]vuur, en deur stormwind, en deur aardbewings, en deur bloedvergietinge, en deur [c]pestilensie, en deur hongersnood. En hulle sal weet dat die Here God is, die Heilige Een van Israel.

16 [a]Want sal die buit van die magtige afgeneem word, of die [b]wettige gevangene vrygelaat word?

17 Maar so sê die Here: Selfs die [a]gevangenes van die magtiges sal weggeneem word, en die buit van die verskrikker sal vrygelaat word; want die [b]Magtige God sal sy verbondsvolk [c]verlos. Want so

---

11*a* 1 Ne. 22:11–12; 2 Ne. 9:2.
*b* Hos. 3:5.
*c* GS Israel—Die versameling van Israel.
12*a* 1 Ne. 14:1–2; 2 Ne. 10:9–10.
*b* GS Duiwel—Die kerk van die duiwel.
*c* GS Abraham, Verbond van.
13*a* 3 Ne. 22:4.
*b* Jes. 40:31; 1 Ne. 21:23; L&V 133:45.
14*a* Jes. 11:11; 2 Ne. 25:17; 29:1.
*b* 2 Ne. 3:5.
*c* 1 Ne. 22:13–14.
15*a* 2 Ne. 10:16; 28:15; 3 Ne. 16:8. GS Laaste Dae.
*b* Jakob 6:3.
*c* L&V 97:22–26.
16*a* Jes. 49:24–26.
*b* DI die verbondsvolk van die Here soos gemeld in vers 17.
17*a* 1 Ne. 21:25.
*b* GS Jehova.
*c* 2 Kon. 17:39.

sê die Here: Ek sal met hulle stry
wat met jou twis—
18 En Ek sal diegene wat jou onderdruk, met hulle eie vlees voer; en hulle sal dronk word van hulle eie bloed soos van soet wyn; en alle vlees sal weet dat Ek die Here, jou Saligmaker en jou [a]Verlosser is, die [b]Magtige Een van Jakob.

## HOOFSTUK 7

*Jakob gaan voort om uit Jesaja te lees: Jesaja spreek namens die Messias—Die Messias sal die tong van die geleerde hê—Hy sal sy rug gee vir die slaners—Hy sal nie beskaam word nie—Vergelyk Jesaja 50. Ongeveer 559–545 v.C.*

Ja, want so sê die Here: Het Ek jou verstoot, of het Ek jou verwerp vir ewig? Want so sê die Here: Waar is die skeibrief van julle moeder se egskeiding? Aan wie het Ek julle gegee, of aan watter van my skuldeisers het Ek julle verkoop? Ja, aan wie het Ek julle verkoop? Kyk, weens julle ongeregtighede het julle julself [a]verkoop, en weens julle oortredinge is julle moeder verstoot.
2 Daarom, toe Ek gekom het, was daar geen mens nie; toe Ek [a]geroep het, ja, daar was niemand om te antwoord nie. O Huis van Israel, is my hand enigsins te kort om te verlos, of het Ek geen krag om te red nie? Kyk, deur my bestraffing droog Ek die [b]see op, Ek maak hulle [c]riviere 'n woestyn en hulle [d]visse stink omdat die waters opgedroog is, en hulle sterf as gevolg van dors.
3 Ek beklee die hemel met [a]swartheid, en Ek maak 'n [b]roukleed hul bedekking.
4 Die Here God het my die [a]tong gegee van die geleerde, dat Ek sou weet hoe om op die regte tyd 'n woord te spreek met jou, o huis van Israel. Wanneer julle moeg is, wek Hy oggend na oggend. Hy wek my oor om te hoor soos die geleerde.
5 Die Here God het my [a]oor geopen, en Ek was nie rebels nie; ook het Ek nie teruggedraai nie.
6 Ek het my rug gegee aan die [a]slaner, en my wange vir dié wat die hare uitgepluk het. Ek het nie my aangesig verberg vir smaad en bespuwing nie.
7 Want die Here God sal my help, daarom sal Ek nie beskaam wees nie. Daarom het Ek my aangesig gemaak soos 'n vuurklip en Ek weet dat Ek nie beskaamd sal staan nie.
8 En die Here is naby, en Hy regverdig my. Wie sal met My stry? Laat ons saam staan. Wie is my teenstander? Laat hom naderkom na My toe, en Ek sal hom slaan met die krag van my mond.

18 *a* GS Verlosser.
*b* Gén. 49:24; Jes. 60:16.
**7** 1 *a* GS Afval.
2 *a* Spr. 1:24–25; Jes. 65:12; Alma 5:37.
*b* Ex. 14:21; Ps. 106:9; L&V 133:68–69.
*c* Jos. 3:15–16.
*d* Ex. 7:21.
3 *a* Ex. 10:21.
*b* Openb. 6:12.
4 *a* Lk. 2:46–47.
5 *a* L&V 58:1.
6 *a* Matt. 27:26; 2 Ne. 9:5.

9 Want die Here God sal My
help. En al diegene wat My sal
[a]veroordeel, kyk, hulle almal sal
wegslyt soos 'n kleed, en die mot
sal hulle opeet.
10 Wie is onder julle wat die
Here vrees, wat gehoorsaam is
aan die [a]stem van sy dienskneg,
wat wandel in duisternis en geen
lig het nie?
11 Kyk al julle wat 'n vuur aan-
steek, wat julle omgord met vonke,
wandel in die lig van [a]julle vuur
en in die vonke wat julle aange-
steek het. Dit sal julle hê uit my
hand—julle sal neerlê in smart.

## HOOFSTUK 8

*Jakob gaan voort om uit Jesaja te lees: In die laaste dae sal die Here Sion vertroos en Israel versamel—Die verlostes sal na Sion kom te midde van groot vreugde—Vergelyk Jesaja 51 en 52:1–2. Ongeveer 559–545 v.C.*

SLAAN ag op My, julle wat die ge-
regtigheid najaag. Aanskou die
[a]rots waaruit julle gekap is, en die
holte van die klipgroef waaruit
julle gegrawe is.
2 Aanskou Abraham, julle [a]va-
der, en [b]Sara, wat julle gebaar het;
want Ek het hom alleen geroep,
en hom geseën.
3 Want die Here sal [a]Sion ver-
troos, Hy sal al haar puinhope
vertroos; en Hy sal haar [b]wil-
dernis maak soos Eden, en haar
woestyn soos die tuin van die
Here. Vreugde en blydskap sal ge-
vind word daarin, danksegging
en die stem van melodie.
4 Slaan ag op My, my volk, en
neig die oor tot My, o my nasie;
want 'n [a]wet sal uitgaan van My,
en Ek sal my oordeel vasstel as 'n
[b]lig vir die volk.
5 My regverdigheid is naby; my
[a]heil het uitgegaan, en my arm sal
die volke oordeel. Die [b]eilande
sal op My wag, en op my arm sal
hulle vertrou.
6 Slaan julle oë op na die hemele,
en aanskou die aarde benede;
want die [a]hemele sal [b]verdwyn
soos rook en die aarde sal [c]verslyt
soos 'n kleed; en hulle wat daarin
woon sal sterwe op soortgelyke
wyse. Maar my heil sal vir ewig
wees, en my geregtigheid sal nie
vergaan nie.
7 Slaan ag op My, julle wat ge-
regtigheid ken, die volk in wie
se hart Ek my wet geskrywe het,
[a]vrees julle nie die smaad van
mense nie, wees ook nie bang vir
hulle beledigings nie.
8 Want die mot sal hulle opeet
soos 'n kleed, en die wurm sal

9 *a* Rom. 8:31.
10 *a* L&V 1:38.
11 *a* Rigt. 17:6.
**8** 1 *a* GS Rots.
2 *a* Gén. 17:1–8; L&V 132:49.
*b* Gén. 24:36.
3 *a* GS Sion.
*b* Jes. 35:1–2, 6–7.
4 *a* OF leerstelling, leer. Jes. 2:3. GS Evangelie.
*b* GS Lig, Lig van Christus.
5 *a* GS Heil.
*b* 2 Ne. 10:20.
6 *a* 2 Petr. 3:10.
*b* HEB sal uiteengaan. Ps. 102:25–27.
*c* HEB vergaan.
7 *a* Ps. 56:4, 11; L&V 122:9.

hulle opeet soos wol. Maar my geregtigheid sal vir ewig wees, en my heil van geslag tot geslag.

9 Ontwaak, ontwaak! Beklee u met [a]sterkte, o arm van die Here; ontwaak soos in die dae van die voortyd. Is dit nie U wat Rahab gekap, en die draak gewond het nie?

10 Is dit nie U wat die see drooggemaak het nie, die waters van die groot diepte; wat van die dieptes van die see 'n [a]pad gemaak het vir die deurtog van die losgekooptes nie?

11 Daarom, die [a]verlostes van die Here sal terugkeer, en kom met [b]gejubel na Sion; en ewigdurende vreugde en heiligheid sal wees op hulle hoofde; en hulle sal blydskap en vreugde verkry; smart en [c]droefheid sal wegvlug.

12 [a]Ek is Hy; ja, Ek is Hy wat julle troos. Kyk, wie is jy dat jy [b]bang is vir die mens, wat sal sterwe, en vir die seun van die mens, wat gemaak sal word soos [c]gras?

13 En [a]vergeet die Here jou maker, wat die hemel uitgespan het, en die grondslag gelê het van die aarde, en voortdurend gevrees het elke dag, vanweë die grimmigheid van die verdrukker, asof hy gereed was om te vernietig? En waar is die grimmigheid van die verdrukker?

14 Die gevange banneling haas hom, dat hy losgelaat mag word, en dat hy nie sal sterwe in die kuil nie, nóg dat sy brood sal ontbreek.

15 Maar Ek is die Here jou God, wie se [a]golwe gedreun het; die Here van die Leërskare is my naam.

16 En Ek het my woorde in jou mond gelê, en het jou verberg in die skaduwee van my hand, dat ek die hemele mag plant en die fondamente van die aarde lê, en sê vir Sion: Kyk, jy is my [a]volk.

17 Ontwaak, ontwaak, staan op, o Jerusalem, wat die [a]beker van sy [b]grimmigheid gedrink het uit die hand van die Here—jy het die droesem gedrink van die beker van bewing wat uitgewring is—

18 En nie een om haar te lei van al die seuns wat sy gehad het nie, nóg haar aan die hand geneem het, van al die seuns wat sy grootgemaak het.

19 Hierdie twee [a]seuns het na jou gekom, wat medelyde met jou sal hê—jou verwoesting en vernietiging, en die hongersnood en die swaard—en deur wie sal Ek jou troos?

20 Jou seuns het flou geword, behalwe hierdie twee; hulle lê by die bokant van al die strate, soos 'n wilde bul in 'n net, hulle is vol van die grimmigheid van die Here, die bestraffing van jou God.

9 *a* L&V 113:7–8.
10 *a* Jes. 35:8.
11 *a* GS Verlos, Verlossing.
*b* Jes. 35:10.
*c* Openb. 21:4.
12 *a* L&V 133:47; 136:22.
*b* Jer. 1:8.
*c* Jes. 40:6–8; 1 Petr. 1:24.
13 *a* Jer. 23:27.
15 *a* 1 Ne. 4:2.
16 *a* 2 Ne. 3:9; 29:14.
17 *a* Jes. 29:9; Jer. 25:15.
*b* Lk. 21:24.
19 *a* Openb. 11:3.

21 Daarom, hoor nou dit, jou
verdrukte, en [a]dronk, maar nie
van wyn nie:
22 So sê jou Here, die Here en
jou God [a]bepleit die saak van sy
volk; kyk, Ek het die beker van
bewing uit jou hand geneem, die
droesem van die beker van my
grimmigheid; jy sal dit glad nie
weer drink nie.
23 Maar [a]Ek sal dit in die hand
gee van diegene wat jou verdruk;
wat gesê het vir jou siel: Buig
neer, dat ons mag oorgaan—en
jy het jou liggaam neergelê soos
die grond, en soos die straat vir
hulle wat oorgaan.
24 [a]Ontwaak, ontwaak, beklee
jou met [b]sterkte, o [c]Sion; trek jou
sierlike klere aan, o Jerusalem,
die heilige stad; want voortaan
sal daar [d]nie meer in jou die onbe-
snedenes en die onreines kom nie.
25 Skud jou los van die stof;
[a]staan op, gaan sit, o Jerusalem;
maak jouself los van die [b]bande
van jou nek, o gevange dogter
van Sion.

## HOOFSTUK 9

*Jakob verduidelik dat die Jode versamel sal word in al hulle lande van belofte—Die Versoening koop die mens los van die Val—Die liggame van die dooies sal voortkom uit die grafte, en hulle geeste van die hel en van die paradys—Hulle sal geoordeel word—Die Versoening red van die dood, die hel, die duiwel, en eindelose pyniging—Die regverdiges sal gered word in die Koninkryk van God—Straf vir sondes word uiteengesit—Die Heilige Een van Israel is die wag voor die hek. Ongeveer 559–545 v.C.*

En nou, my geliefde broers, ek
het hierdie dinge gelees dat julle
moet weet aangaande die [a]ver-
bonde van die Here wat Hy ge-
sluit het met die hele huis van
Israel—
2 Wat Hy met die Jode gespreek
het, by monde van sy heilige pro-
fete, en wel van die begin af, van
geslag tot geslag, totdat die tyd
aanbreek dat hulle [a]herstel sal
word tot die ware kerk en kudde
van God; wanneer hulle [b]versa-
mel sal word, tuis na die [c]lande
van hulle erfenis, en sal gevestig
word in al hulle lande van belofte.
3 Kyk, my geliefde broers, ek
spreek hierdie dinge met julle
dat julle jul mag verbly, en jul
hoofde vir ewig [a]oprig, vanweë
die seëninge wat die Here God
sal skenk aan jul kinders.
4 Want ek weet dat julle baie
gesoek het, baie van julle, om te
weet van dinge wat kom; daarom

21 *a* 2 Ne. 27:4.
22 *a* Jer. 50:34.
23 *a* Sag. 12:9.
24 *a* Jes. 52:1–2.
*b* L&V 113:7–8.
*c* GS Sion.
*d* Joël 3:17.
25 *a* DI Opstaan uit die stof en gaan sit met waardigheid, uiteindelik verlos.
*b* L&V 113:9–10.
**9** 1 *a* GS Abraham, Verbond van.
2 *a* 2 Ne. 6:11. GS Herstelling van die Evangelie.
*b* GS Israel—Die versameling van Israel.
*c* 2 Ne. 10:7–8. GS Beloofde Land.
3 *a* JSV Ps. 24:7–10 (Bylae).

weet ek dat julle weet dat ons
vlees moet uitteer en sterwe; des-
nieteenstaande, in ons [a]liggame
sal ons God sien.
5 Ja, ek weet dat julle weet dat
Hy Hom in die liggaam aan die-
gene by Jerusalem sal toon, van
waar ons gekom het; want dit is
noodsaaklik dat dit onder hulle
sou wees; want dit is nodig vir
die groot [a]Skepper dat Hy Hom-
self toelaat om onderhorig te
wees aan die mens in die vlees,
en sterwe vir [b]alle mense, sodat
alle mense aan Hom onderworpe
mag word.
6 Want aangesien die dood oor
alle mense gekom het, om die
[a]barmhartige plan van die groot
Skepper te vervul, moet daar
noodwendig ′n krag van [b]op-
standing wees, en die opstan-
ding moet noodwendig kom na
die mens as gevolg van die [c]val;
en die val het gekom as gevolg
van oortreding; en omdat mense
gevalle geword het, is hulle [d]af-
gesny van die teenwoordigheid
van die Here.
7 Daarom, dit moet noodwen-
dig ′n [a]oneindige [b]versoening
wees—tensy dit ′n oneindige
versoening is, kon hierdie ver-
ganklike nie beklee word met
die onverganklike nie. Daarom,
die [c]eerste oordeel wat gekom het
oor die mens, moes noodwendig
eindeloos [d]voortduur. Indien wel,
moes hierdie vlees hom neerlê om
te vergaan en te verkrummel tot
sy moeder aarde, om nooit weer
op te staan nie.
8 O die [a]wysheid van God, sy
[b]barmhartigheid en [c]genade!
Want kyk, as die [d]vlees nie meer
sou opstaan nie, moet ons geeste
onderworpe word aan daardie
engel wat [e]geval het van voor die
teenwoordigheid van die Ewige
God, en die [f]duiwel geword het,
om nie meer op te staan nie.
9 En ons geeste moes geword
het soos hy, en ons duiwels ge-
word het, [a]engele tot ′n duiwel,
om [b]uitgesluit te word van die
teenwoordigheid van onse God,
en om te bly by die vader van
[c]leuens, in ellende net soos hy-
self; ja, tot daardie wese wat ons
eerste ouers [d]verlei het, wat hom-
self [e]verander byna soos ′n [f]engel
van lig, en die kinders van mense

4*a* Job 19:26; Alma 11:41–45; 42:23; Hel. 14:15; Morm. 9:13.
5*a* GS Skep, Skepping.
*b* Joh. 12:32; 2 Ne. 26:24; 3 Ne. 27:14–15.
6*a* GS Plan van Verlossing.
*b* GS Opstanding.
*c* GS Val van Adam en Eva.
*d* 2 Ne. 2:5.
7*a* Alma 34:10.
*b* GS Versoen, Versoening.
*c* Mosia 16:4–5; Alma 42:6, 9, 14.
*d* Mosia 15:19.
8*a* Job 12:13; Abr. 3:21. GS Wysheid.
*b* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
*c* GS Genade.
*d* L&V 93:33–34.
*e* Jes. 14:12; 2 Ne. 2:17–18; Moses 4:3–4; Abr. 3:27–28.
*f* GS Duiwel.
9*a* Jakob 3:11; Alma 5:25, 39.
*b* Openb. 12:7–9.
*c* GS Lieg.
*d* Gén. 3:1–13; Mosia 16:3; Moses 4:5–19.
*e* 2 Kor. 11:14; Alma 30:53.
*f* L&V 129:8.

opstook tot [g]geheime organisasies
van moord en allerlei geheime
werke van die duisternis.
10 O hoe groot is die goedheid
van onse God, wat 'n weg berei
vir ons ontkoming van die greep
van hierdie vreeslike monster; ja,
daardie monster, die [a]dood en die
[b]hel, wat ek noem die dood van
die liggaam, en ook die dood van
die gees.
11 En vanweë die weg van die
[a]verlossing van onse God, die
Heilige Een van Israel, hierdie
[b]dood, waarvan ek gespreek het,
wat die stoflike is, sal sy dooies
oorgee; welke dood die graf is.
12 En hierdie [a]dood waarvan
ek gespreek het, wat die geeste-
like dood is, sal sy dooies oorgee;
welke geestelike dood die [b]hel
is; daarom, die dood en die hel
moet hulle dooies oorgee, en die
hel moet sy gevange geeste oor-
gee, en die graf moet sy gevange
liggame oorgee, en die liggame
en [c]geeste van mense sal [d]herstel
word, die een tot die ander; en
dit is deur die krag van die op-
standing van die Heilige Een van
Israel.
13 O, hoe groot is die [a]plan van
ons God! Want aan die ander kant
moet die [b]paradys van God die
geeste van die regverdiges oor-
gee, en die graf moet die lig-
gaam van die regverdige oorgee;
en die gees en die liggaam word
weer met mekaar [c]verenig, en alle
mense word onverganklik, en
[d]onsterflik, en hulle is lewende
siele, met 'n [e]volmaakte [f]kennis
soos ons in die vlees, behalwe dat
ons kennis volmaak sal wees.
14 Daarom, ons sal 'n volmaakte
[a]kennis hê van al ons [b]skuld, en
ons onreinheid, en ons [c]naakt-
heid; en die regverdiges sal 'n
volmaakte kennis hê van hul ge-
nietinge, en hul [d]regverdigheid,
[e]geklee met [f]reinheid, ja, en wel
met die [g]kleed van regverdigheid.
15 En dit sal gebeur dat wanneer
alle mense oorgegaan het van
hierdie eerste dood tot die lewe,
omdat hulle onsterflik geword
het, moet hulle verskyn voor die
[a]regterstoel van die Heilige Een
van Israel; en dan kom die [b]oor-
deel, en dan moet hulle geoordeel
word volgens die heilige oordeel
van God.
16 En waarlik, sowaar as die
Here leef, want die Here God het
dit gespreek, en dit is sy ewige
[a]woord, wat nie kan [b]verbygaan

9 *g* GS Geheime Organisasies.
10 *a* Mosia 16:7–8; Alma 42:6–15.
*b* GS Hel.
11 *a* GS Verlosser.
*b* GS Dood, Fisiese.
12 *a* GS Dood, Geestelike.
*b* L&V 76:81–85.
*c* GS Gees.
*d* GS Opstanding.
13 *a* GS Plan van Verlossing.
*b* L&V 138:14–19. GS Paradys.
*c* Alma 11:43.
*d* GS Onsterflik, Onsterflikheid.
*e* GS Volmaak.
*f* L&V 130:18–19.
14 *a* Mosia 3:25; Alma 5:18.
*b* GS Skuld.
*c* Morm. 9:5.
*d* GS Regverdigheid, Regverdig.
*e* Spr. 31:25.
*f* GS Suiwer, Suiwerheid.
*g* L&V 109:76.
15 *a* GS Oordeel, Die Laaste.
*b* Ps. 19:10; 2 Ne. 30:9.
16 *a* 1 Kon. 8:56; L&V 1:38; Moses 1:4.
*b* L&V 56:11.

nie, dat hulle wat regverdig is,
steeds regverdig sal wees, en
hulle wat [c]vieslik is, sal steeds
[d]vieslik wees; daarom, hulle wat
vieslik is, is die [e]duiwel en sy
engele; en hulle sal weggaan in
die [f]ewigdurende vuur, wat voor-
berei is vir hulle; en hul pyniging
is soos 'n [g]poel van vuur en swael,
waarvan die vlamme opstyg vir
ewig en ewig en geen einde het
nie.
17 O, die grootheid en die [a]ge-
regtigheid van onse God! Want
Hy voer al sy woorde uit, en hulle
het uitgegaan uit sy mond en sy
wet moet vervul word.
18 Maar, kyk, die regverdiges,
die [a]heiliges van die Heilige Een
van Israel, hulle wat geglo het aan
die Heilige Een van Israel, hulle
wat die [b]kruise van die wêreld
verduur het, en die skande daar-
van verag het, hulle sal die [c]ko-
ninkryk van God [d]beërwe, wat
berei is vir hulle [e]vanaf die grond-
legging van die wêreld, en hulle
blydskap sal vol wees [f]vir ewig.
19 O, die grootheid van die
barmhartigheid van onse God,
die Heilige Een van Israel! Want
hy [a]verlos sy heiliges van daardie
[b]vreeslike monster, die duiwel, en
die dood, en die [c]hel, en daardie
poel van vuur en swael, wat ein-
delose pyniging is.
20 O, hoe groot is die [a]heiligheid
van onse God! Want Hy [b]ken alle
dinge, en daar is niks wat Hy nie
weet nie.
21 En Hy kom in die wêreld so-
dat Hy alle mense kan [a]red as
hulle sal ag slaan op sy stem;
want kyk, Hy ly die pyne van
alle mense, ja, die [b]pyne van elke
lewende skepsel, beide manne,
vroue en kinders, wat behoort
aan die geslag van [c]Adam.
22 En Hy ly dit sodat die opstan-
ding mag oorgaan op alle mense,
sodat almal mag staan voor Hom
op die groot en oordeelsdag.
23 En Hy gebied alle mense dat
hulle moet [a]bekeer, en [b]gedoop
word in sy Naam, met volmaakte
geloof in die Heilige Een van Is-
rael, anders kan hulle nie gered
word in die koninkryk van God
nie.
24 En as hulle nie wil bekeer en
glo in sy [a]Naam, en gedoop word
in sy Naam, en [b]volhard tot die
einde nie, moet hulle [c]verdoem
word; want die Here God, die
Heilige Een van Israel, het dit ge-
spreek.

16 *c* GS Vieslik, Vieslikheid.
*d* 1 Ne. 15:33–35; Alma 7:21; Morm. 9:14; L&V 88:35.
*e* GS Duiwel.
*f* Mosia 27:28.
*g* Openb. 21:8; 2 Ne. 28:23; L&V 63:17.
17 *a* GS Geregtigheid.
18 *a* GS Heilige.
*b* Lk. 14:27.
*c* GS Verheffing.
*d* L&V 45:58; 84:38.
*e* Alma 13:3.
*f* GS Ewige Lewe.
19 *a* L&V 108:8.
*b* 1 Ne. 15:35.
*c* GS Hel.
20 *a* GS Heiligheid.
*b* Alma 26:35; L&V 38:2.
21 *a* GS Heil.
*b* L&V 18:11; 19:18.
*c* GS Adam.
23 *a* GS Bekeer, Bekering.
*b* GS Doop.
24 *a* GS Jesus Christus—Om die Naam van Jesus Christus op ons te neem.
*b* GS Volhard.
*c* GS Verdoemenis.

25 Daarom, Hy het ′n [a]wet gegee; en waar daar [b]geen wet gegee is nie, is daar geen straf nie; en waar daar geen straf is nie, is daar geen veroordeling nie; en waar daar geen veroordeling is nie, het die barmhartighede van die Heilige Een van Israel aanspraak op hulle, vanweë die versoening; want hulle word verlos deur sy krag.

26 Want die [a]versoening voldoen aan die eise van sy [b]geregtigheid op al diegene [c]aan wie die [d]wet nie gegee is nie, sodat hulle verlos is van daardie vreeslike monster, die dood en die hel, en die duiwel, en die poel van vuur en swael, wat eindelose pyniging is; en hulle word teruggebring na daardie God wat hulle [e]asem gegee het, wat die Heilige Een van Israel is.

27 Maar wee hom aan wie die [a]wet gegee is, ja, wat al die gebooie van God het, soos ons, en wat hulle oortree, en wat die dae van sy toetsing verkwis, want vreeslik is sy toestand.

28 O, daardie sluwe [a]plan van die bose een! O, die [b]ydelheid en die swakhede en die dwaasheid van die mens! As hulle [c]geleerd is, dink hulle hulle is [d]wys, en hulle slaan nie ag op die [e]raad van God nie, want hulle stel dit tersyde, veronderstellend dat hulle vanself weet, daarom, hulle wysheid is dwaasheid en dit baat hulle nie. En hulle sal vergaan.

29 Maar om geleerd te wees is goed as hulle [a]ag slaan op die [b]raad van God.

30 Maar wee die [a]rykes, wat ryk is in die dinge van die wêreld. Want omdat hulle ryk is, verag hulle die [b]armes, en hulle vervolg die sagmoediges, en hulle harte is op hul skatte; daarom, hulle skatte is hulle god. En kyk, hulle skat sal ook vergaan saam met hulle.

31 En wee die dowes wat nie wil [a]hoor nie; want hulle sal vergaan.

32 Wee die blindes wat nie wil sien nie; want hulle sal ook vergaan.

33 Wee die onbesnedenes van hart, want ′n kennis van hulle ongeregtighede sal hulle tref op die laaste dag.

25 *a* Jak. 4:17. GS Wet.
*b* Rom. 4:15; 2 Ne. 2:13; Alma 42:12–24. GS Toerekenbaar, Toerekenbaarheid.
26 *a* 2 Ne. 2:10; Alma 34:15–16. GS Versoen, Versoening.
*b* GS Geregtigheid.
*c* Mosia 3:11.
*d* Mosia 15:24; L&V 137:7.
*e* Gén. 2:7; L&V 93:33; Abr. 5:7.
27 *a* Lk. 12:47–48.
28 *a* Alma 28:13.
*b* GS Ydel, Ydelheid.
*c* Lk. 16:15; 2 Ne. 26:20; 28:4, 15.
*d* Spr. 14:6; Jer. 8:8–9; Rom. 1:22. GS Hoogmoed; Wysheid.
*e* Alma 37:12. GS Raad.
29 *a* 2 Ne. 28:26.
*b* Jakob 4:10.
30 *a* Lk. 12:34; 1 Tim. 6:10; L&V 56:16.
*b* GS Armes.
31 *a* Eség. 33:30–33; Matt. 11:15; Mosia 26:28; L&V 1:2, 11, 14; Moses 6:27.

34 Wee die [a]leuenaar, want hy sal afgestoot word na die [b]hel.

35 Wee die moordenaar wat met opset [a]doodmaak, want hy sal [b]sterwe.

36 Wee hulle wat [a]hoererye pleeg, want hulle sal afgestoot word na die hel.

37 Ja, wee hulle wat afgode [a]aanbid, want die duiwel van alle duiwels het behae in hulle.

38 En, kortom, wee al diegene wat sterwe in hulle sondes; want hulle sal [a]terugkeer na God, en sy aangesig sien, en in hulle sonde bly.

39 O, my geliefde broers, onthou hoe vreeslik dit is om te oortree teen die Heilige God, en ook hoe vreeslik dit is om toe te gee aan die verleidinge van daardie [a]sluwe een. Onthou, om [b]vleeslik gesind te wees is die [c]dood, en om geestelik gesind te wees is die [d]ewige [e]lewe.

40 O, my geliefde broers, neig julle oor na my woorde. Onthou die grootheid van die Heilige Een van Israel. Moenie sê dat ek harde dinge gespreek het teenoor julle nie; want as julle dit doen, sal julle teen die [a]waarheid uitvaar; want ek het die woorde van julle Maker gespreek. Ek weet dat die woorde van waarheid [b]hard is teen alle onreinheid; maar die regverdiges vrees hulle nie, want hulle het die waarheid lief en word nie ontstel nie.

41 O, dan, my geliefde broers, [a]kom na die Here, die Heilige Een. Onthou dat sy paaie regverdig is. Kyk, die [b]weg vir die mens is [c]smal; maar dit lê in ′n reguit koers voor hom, en die bewaarder van die [d]poort is die Heilige Een van Israel; en Hy gebruik geen dienskneg daar nie; en daar is geen ander weg behalwe as by die poort nie; want Hy kan nie bedrieg word nie, want die Here God is sy naam.

42 En wie ook al klop, vir hom sal Hy oopmaak; en die [a]wyses, en die geleerdes, en hulle wat ryk is, wat [b]opgeblase is vanweë hulle geleerdheid, en hulle wysheid, en hulle rykdom—ja, dit is hulle wat Hy verfoei; en tensy hulle hierdie dinge sal wegwerp, en hulleself [c]dwase ag voor God, en afdaal tot in die dieptes van [d]ootmoed, sal Hy nie vir hulle oopmaak nie.

---

34 *a* Spr. 19:9. GS Eerlik, Eerlikheid; Lieg.
*b* GS Hel.
35 *a* Ex. 20:13; Mosia 13:21.
*b* GS Doodstraf.
36 *a* 3 Ne. 12:27–29. GS Kuisheid.
37 *a* GS Afgodery.
38 *a* Alma 40:11, 13.
39 *a* 2 Ne. 28:20–22; 32:8; Mosia 2:32; 4:14; Alma 30:53.
*b* Rom. 8:6. GS Vleeslik.
*c* GS Dood, Geestelike.
*d* GS Ewige Lewe.
*e* Spr. 11:19.
40 *a* GS Waarheid.
*b* 1 Ne. 16:2; 2 Ne. 28:28; 33:5.
41 *a* 1 Ne. 6:4; Jakob 1:7; Omni 1:26; Moro. 10:30–32.
*b* 2 Ne. 31:17–21; Alma 37:46; L&V 132:22, 25.
*c* Lk. 13:24; 2 Ne. 33:9; Hel. 3:29–30.
*d* 2 Ne. 31:9, 17–18; 3 Ne. 14:13–14; L&V 43:7; 137:2.
42 *a* Matt. 11:25.
*b* GS Hoogmoed.
*c* 1 Kor. 3:18–21.
*d* GS Nederig, Nederigheid.

43 Maar die dinge van die wyses en verstandiges sal [a]verborge wees van hulle vir ewig—ja, daardie geluk wat berei is vir die heiliges.

44 O, my geliefde broers, onthou my woorde. Kyk, ek trek my kleed uit, en ek skud dit voor julle; ek bid die God van my heil dat Hy my aanskou met sy [a]alsiende oog; daarom, julle sal weet op die laaste dag, wanneer alle mense na hulle werke geoordeel word, dat die God van Israel getuig het dat ek julle ongeregtighede [b]afgeskud het van my siel, en dat ek met helderheid staan voor Hom, en [c]bevry is van julle bloed.

45 O, my geliefde broers, draai weg van julle sondes; skud af die [a]kettings van hom wat julle wil vasbind; kom na daardie God wat die [b]rots is van julle heil.

46 Berei julle siele voor vir daardie heerlike dag wanneer [a]geregtigheid sal geskied aan die regverdiges, naamlik die [b]oordeelsdag, sodat julle nie mag krimp met vreeslike angs nie; dat julle nie julle vreeslike [c]skuld in volmaaktheid mag onthou nie, en gedwing word om uit te roep: Heilig, heilig is u oordele, o Here God [d]Almagtig—maar ek ken my skuld; ek het u wet oortree, en my oortredinge is myne; en die duiwel het my in besit geneem, sodat ek 'n slagoffer is van sy vreeslike ellende.

47 Maar kyk, my broers, is dit noodsaaklik dat ek julle moet opwek tot 'n aaklige besef van hierdie dinge? Sou ek julle siele verskeur as julle gedagtes rein was? Sou ek duidelik wees met julle volgens die eenvoud van die waarheid as julle vrygemaak was van sonde?

48 Kyk, as julle heilig was, sou ek met julle spreek oor heiligheid; maar aangesien julle nie heilig is nie, en julle my beskou as 'n leraar, is dit noodsaaklik dat ek julle die gevolge [a]leer van die [b]sonde.

49 Kyk, my siel verafsku die sonde, en my hart verlustig hom in regverdigheid; en ek sal die heilige naam van my God [a]loof.

50 Kom, my broers, elkeen wat dors, kom julle na die [a]waters; en hy wat geen geld het nie kom, koop en eet; ja, kom koop wyn en melk sonder [b]geld en sonder prys.

51 Daarom, moenie geld spandeer op dit wat geen waarde het nie, nóg julle [a]arbeid vir dit wat nie kan bevredig nie. Slaan ywerig ag op my, en onthou die woorde wat ek gespreek het; en kom na die Heilige Een van Israel, en [b]verlustig jou in dit wat nie vergaan nie, en ook nie kan

43*a* 1 Kor. 2:9–16.
44*a* Jakob 2:10.
*b* Jakob 1:19.
*c* Jakob 2:2; Mosia 2:28.
45*a* 2 Ne. 28:22; Alma 36:18.
*b* GS Rots.
46*a* GS Geregtigheid.
*b* GS Oordeel, Die Laaste.
*c* Mosia 3:25.
*d* 1 Ne. 1:14; Moses 2:1.
48*a* Alma 37:32.
*b* GS Sonde.
49*a* 1 Ne. 18:16.
50*a* GS Lewende Water.
*b* Alma 42:27.
51*a* Jes. 55:1–2.
*b* 2 Ne. 31:20; 32:3; 3 Ne. 12:6.

bederf nie, en laat julle siel hom
verlustig in vettigheid.
52 Kyk, my geliefde broers, ont-
hou die woorde van julle God; bid
gedurigdeur tot Hom by dag, en
gee [a]dank aan sy heilige Naam by
nag. Laat julle harte hul verbly.
53 En kyk hoe groot is die [a]ver-
bonde van die Here, en hoe groot
is sy neerdalendheid teenoor die
kinders van mense; en vanweë
sy grootheid, en sy [b]genade en
barmhartigheid, het Hy aan ons
belowe dat ons saad nie heelte-
mal vernietig sal word, volgens
die vlees nie, maar dat Hy hulle
sal bewaar; en in toekomstige ge-
slagte sal hulle 'n regverdige [c]tak
word van die huis van Israel.
54 En nou, my broers, ek wil nog
meer vir julle sê; maar môre sal ek
aan julle die res van my woorde
meedeel. Amen.

## HOOFSTUK 10

*Jakob verduidelik dat die Jode hulle God sal kruisig—Hulle sal verstrooi word totdat hulle begin om in Hom te glo—Amerika sal 'n land wees van vryheid waar geen koning sal heers nie—Versoen julleself met God en verkry julle heil deur sy genade. Ongeveer 559–545 v.C.*

En nou, ek, Jakob, spreek weer
met julle, my geliefde broers, aan-
gaande hierdie regverdige [a]tak
waarvan ek gespreek het.
2 Want kyk, die beloftes wat ons
verkry het, is [a]beloftes aan ons
volgens die vlees; daarom, alhoe-
wel dit aan my getoon is dat baie
van ons kinders in die vlees sal
omkom vanweë ongeloof, desnie-
teenstaande, God sal barmhartig
wees aan baie; en ons kinders sal
herstel word, sodat hulle dit kan
verkry wat die ware kennis van
hul Verlosser hulle sal gee.
3 Daarom, soos ek vir julle gesê
het, dit is noodsaaklik dat Chris-
tus—want in die laaste nag het
die [a]engel met my gespreek dat
dit sy naam sou wees—sou [b]kom
onder die Jode, onder diegene
wat die meer goddelose deel is
van die wêreld; en hulle sal Hom
[c]kruisig—want dit is nodig vir
onse God, en daar is geen ander
nasie op aarde wat hulle [d]God sou
[e]kruisig nie.
4 Want as die magtige [a]wonder-
werke gedoen sou word onder
ander nasies, sou hulle bekeer en
weet dat Hy hulle God is.
5 Maar as gevolg van [a]priester-
liste en ongeregtighede, sal hulle
wat in Jerusalem is, hul nekke

52*a* GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
53*a* GS Verbond.
*b* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
*c* GS Wingerd van die Here.
**10** 1*a* 1 Ne. 15:12–16; 2 Ne. 3:5; Jakob 5:43–45.
2*a* 1 Ne. 22:8; 3 Ne. 5:21–26; 21:4–7.
3*a* 2 Ne. 25:19; Jakob 7:5; Moro. 7:22.
*b* GS Jesus Christus—Profesieë aangaande die geboorte en dood van Jesus Christus.
*c* 1 Ne. 11:33; Mosia 3:9; L&V 45:52–53.
*d* 1 Ne. 19:10.
*e* Lk. 23:20–24.
4*a* GS Wonderwerk.
5*a* Lk. 22:2. GS Priesterlis.

verhard teen Hom, sodat Hy ge-
kruisig sal word.
6 Daarom, vanweë hul ongereg-
tighede sal daar vernietigings,
hongersnode, pestilensies, en
bloedvergieting oor hulle kom; en
hulle wat nie vernietig sal word
nie, sal [a]verstrooi word onder alle
nasies.
7 Maar kyk, so sê die [a]Here God:
[b]Wanneer die dag kom dat hulle
in My sal glo, dat Ek Christus is,
dan het Ek met hulle vaders ′n
verbond gesluit dat hulle her-
stel sal word in die vlees, op die
aarde, na die lande van hulle er-
fenis.
8 En dit sal gebeur dat hulle
[a]versamel sal word, uit hulle lang
verstrooiing, vanaf die [b]eilande
van die see, en uit die vier hoeke
van die aarde; en die nasies van
die nie-Jode sal groot wees in my
oë, sê God, om hulle uit te [c]bring
na die lande van hulle erfenis.
9 [a]Ja, die konings van die nie-
Jode sal pleegvaders vir hulle
wees, en hulle koninginne sal
hulle pleegmoeders word;
daarom, die [b]beloftes van die
Here is groot vir die nie-Jode,
want Hy het dit gespreek, en wie
kan stry?
10 Maar kyk, hierdie land, sê
God, sal ′n land van julle erfenis
wees, en die [a]nie-Jode sal geseënd
wees in die land.
11 En hierdie land sal ′n land
van [a]vryheid wees vir die nie-
Jode, en daar sal geen [b]konings
op die land wees wat vir die nie-
Jode sal opstaan nie.
12 En Ek sal hierdie land ver-
sterk teen alle ander nasies.
13 En hy wat [a]stry teen Sion, sal
[b]omkom, sê God.
14 Want hy wat ′n koning oprig
teen My, sal omkom, want Ek, die
Here, die [a]koning van die hemel,
sal hulle koning wees, en Ek sal
′n [b]lig vir hulle wees vir ewig, wat
my woorde hoor.
15 Daarom, om hierdie rede, dat
my [a]verbonde vervul mag word
wat Ek gemaak het met die kin-
ders van mense, wat Ek vir hulle
sal doen terwyl hulle in die vlees
is, moet Ek noodwendig die [b]ge-
heime werke van die [c]duisternis
vernietig, en van moorde, en van
gruwels.
16 Daarom, hy wat stry teen
[a]Sion, beide Jood en nie-Jood,
beide slaaf en vryman, beide
man en vrou, sal omkom; want
dit is [b]hulle wat die hoer van die

6 *a* 1 Ne. 19:13–14. GS Israel—Die verstrooiing van Israel.
7 *a* GS Here.
*b* 2 Ne. 25:16–17.
8 *a* GS Israel—Die versameling van Israel.
*b* 1 Ne. 22:4; 2 Ne. 10:20–22; L&V 133:8.
*c* 1 Ne. 22:8.
9 *a* Jes. 49:22–23.
*b* 1 Ne. 22:8–9; L&V 3:19–20.
10 *a* 2 Ne. 6:12.
11 *a* GS Vry, Vryheid.
*b* Mosia 29:31–32.
13 *a* 1 Ne. 22:14, 19.
*b* Jes. 60:12.
14 *a* Alma 5:50; L&V 38:21–22; 128:22–23; Moses 7:53.
*b* GS Lig, Lig van Christus.
15 *a* GS Verbond.
*b* Hel. 3:23. GS Geheime Organisasies.
*c* GS Duisternis, Geestelike.
16 *a* GS Sion.
*b* 1 Ne. 13:4–5.

hele aarde is; want [c]hulle wat [d]nie vir My is nie, is [e]teen My, sê onse God.
17 Want Ek sal my belofte [a]ver-
vul wat Ek gemaak het aan die kinders van mense, wat Ek met hulle sal maak terwyl hulle nog in die vlees is—
18 Daarom, my geliefde broers,
so sê onse God: Ek sal jou saad laat ly deur die hand van die nie-Jode; desnieteenstaande, Ek sal die harte versag van die [a]nie-Jode, sodat hulle soos 'n vader vir hulle sal wees; daarom, die nie-Jode sal [b]geseënd wees en [c]gereken word onder die huis van Israel.
19 Daarom, Ek sal hierdie land
[a]toewy vir jou saad, en vir hulle wat onder jou saad gereken sal word, vir ewig as die land van hulle erfenis; want dit is 'n uitverkore land, sê God vir my, bo alle ander lande, daarom wil Ek hê dat alle mense wat daarop woon My moet aanbid, sê God.
20 En nou, my geliefde broers,
aangesien ons barmhartige God ons so 'n groot kennis gegee het aangaande hierdie dinge, laat ons Hom onthou, en ons sonde aflê, en nie ons koppe laat hang nie, want ons is nie verwerp nie; desnieteenstaande, is ons [a]verdryf uit die land van ons erfenis; maar ons is gelei na 'n [b]beter land, want die Here het die see ons [c]pad gemaak, en ons is op 'n [d]eiland van die see.
21 Maar groot is die beloftes van
die Here aan diegene wat op die [a]eilande van die see is; daarom, omdat dit sê eilande, moet daar noodwendig meer wees as hierdie, en hulle word ook bewoon deur ons broers.
22 Want kyk, die Here God het
van tyd tot tyd van die huis van Israel [a]weggelei, volgens sy wil en behae. En nou, kyk, die Here onthou hulle almal wat afgebreek is, daarom onthou Hy ons ook.
23 Daarom, verbly julle harte, en
onthou dat julle [a]vry is om vir julleself te [b]handel—om die weg te [c]kies van ewigdurende dood, of die weg van die ewige lewe.
24 Daarom, my geliefde broers,
versoen julle met die wil van God, en nie met die wil van die duiwel en die vlees nie; en onthou, nadat julle met God versoen is, dat dit slegs in en deur die [a]genade van God is dat julle [b]gered is.
25 Daarom, mag God julle op-
wek uit die dood deur die krag van die opstanding, en ook uit die ewigdurende dood deur die krag van die [a]versoening, sodat julle

16 *c* 1 Ne. 14:10.
*d* 1 Ne. 22:13–23; 2 Ne. 28:15–32; 3 Ne. 16:8–15; Ether 2:9.
*e* Matt. 12:30.
17 *a* L&V 1:38.
18 *a* Lk. 13:28–30; L&V 45:7–30.
*b* Efés. 3:6.
*c* Gal. 3:7, 29; 1 Ne. 14:1–2; 3 Ne. 16:13; 21:6, 22; 30:2; Abr. 2:9–11.
19 *a* 2 Ne. 3:2.
20 *a* 1 Ne. 2:1–4.
*b* 1 Ne. 2:20. GS Beloofde Land.
*c* 1 Ne. 18:5–23.
*d* Jes. 11:10–12.
21 *a* 1 Ne. 19:15–16; 22:4.
22 *a* 1 Ne. 22:4.
23 *a* GS Handelingsmag.
*b* 2 Ne. 2:16.
*c* Deut. 30:19.
24 *a* GS Genade.
*b* GS Heil.
25 *a* GS Versoen, Versoening.

ontvang mag word in die ewige koninkryk van God, sodat julle Hom mag loof deur goddelike genade. Amen.

## HOOFSTUK 11

*Jakob het sy Verlosser gesien—Die wet van Moses versinnebeeld Christus en bewys dat Hy sal kom. Ongeveer 559–545 v.C.*

En nou, [a]Jakob het baie meer
dinge gespreek met my volk in
daardie tyd; desnieteenstaande
het ek net hierdie dinge laat
skrywe, want die dinge wat ek
[b]geskrywe het is genoeg vir my.
2 En nou ek, Nefi, skryf meer
van die woorde van [a]Jesaja,
want my siel verheug hom in sy
woorde. Want ek sal sy woorde
toepas op my volk, en ek sal hulle
uitstuur aan al my kinders, want
hy het waarlik my [b]Verlosser gesien,
net soos ek Hom gesien het.
3 En my broer, Jakob, het Hom
ook [a]gesien net soos ek Hom gesien
het, daarom, ek sal hulle
woorde uitstuur na my kinders
om aan hulle te bewys dat my
woorde waar is. Daarom, deur
die woorde van [b]drie, het God
gesê, sal Ek my woord bevestig.
Desnieteenstaande, God stuur
meer getuies, en Hy bewys al sy
woorde.
4 Kyk, my siel verheug hom
daarin om aan my volk die waarheid
van die koms van [a]Christus
te [b]bewys; want om hierdie rede
is die [c]wet van Moses gegee; en
alle dinge wat deur God vanaf
die begin van die wêreld aan die
mens gegee is, versinnebeeld
Hom.
5 En ook my siel verheug hom
in die [a]verbonde van die Here
wat Hy gesluit het met ons vaders;
ja, my siel verheug hom in
sy genade, en in sy geregtigheid,
en krag, en barmhartigheid in die
groot en ewige plan van verlossing
van die dood.
6 En my siel verheug hom
daarin om aan my volk te bewys
dat [a]tensy Christus sal kom, alle
mense moet omkom.
7 Want as daar [a]geen Christus
is nie, is daar geen God nie; en as
daar geen God is nie, dan is ons
nie, want daar kon geen [b]skepping
gewees het nie. Maar daar is
'n God, en Hy is Christus, en Hy
kom in die volheid van sy eie tyd.
8 En nou skryf ek sommige van
die woorde van Jesaja, sodat wie
ook al van my volk wat hierdie
woorde sal sien, hulle harte mag
ophef en hulle verbly vir alle
mense. Nou, dit is die woorde,
en julle kan hulle op julself toepas
en op alle mense.

**11** 1*a* 2 Ne. 6:1–10.
*b* 2 Ne. 31:1.
2*a* 3 Ne. 23:1.
*b* GS Verlosser.
3*a* 2 Ne. 2:3; Jakob 7:5.
*b* 2 Ne. 27:12; Ether 5:2–4; L&V 5:11.
4*a* Jakob 4:5; Jarom 1:11; Alma 25:15–16; Ether 12:19.
*b* 2 Ne. 31:2.
*c* 2 Ne. 5:10.
5*a* GS Abraham, Verbond van.
6*a* Mosia 3:15.
7*a* 2 Ne. 2:13.
*b* GS Skep, Skepping.

## HOOFSTUK 12

*Jesaja sien die tempel van die laaste dae, versameling van Israel, en die milleniale oordeel en vrede—Die hoogmoediges en bose sal verneder word met die Tweede Koms—Vergelyk Jesaja 2. Ongeveer 559–545 v.C.*

DIE woord wat [a]Jesaja, die seun van Amos, [b]gesien het met betrekking tot Juda en Jerusalem:

2 En dit sal gebeur in die laaste dae, wanneer die [a]berg van die Here se [b]huis gevestig sal word op die top van die [c]berge, en verhewe sal wees bo die heuwels, en alle nasies sal daarheen stroom.

3 En baie volke sal gaan, en sê: Kom julle, en laat ons opgaan na die berg van die Here, na die huis van die God van Jakob; en Hy sal ons leer van sy weë, en ons sal wandel in sy [a]paaie; want uit Sion sal die [b]wet uitgaan, en die woord van die Here uit Jerusalem.

4 En Hy sal [a]oordeel tussen die nasies, en baie volke bestraf: en hulle sal hulle swaarde tot ploegskare slaan, en hulle spiese tot snoeimesse—nasie sal nie die swaard ophef teen nasie nie, nóg sal hulle leer om oorlog te voer.

5 O, huis van Jakob, kom julle en laat ons wandel in die lig van die Here; ja, kom, want julle het almal [a]afgedwaal, elkeen na sy goddelose weë.

6 Daarom, o Here, U het u volk verlaat, die huis van Jakob, omdat hulle [a]vervul word uit die ooste, en ag slaan op waarsêers soos die [b]Filistyne, en hulle [c]skep behae in die kinders van vreemdes.

7 Hulle land is ook vol silwer en goud, nóg is daar geen einde aan hulle skatte; hulle land is ook vol perde, nóg is daar geen einde aan hulle strydwaens.

8 Hulle land is ook vol [a]afgode; hulle aanbid die werk van hulle eie hande, dit wat hulle eie vingers gemaak het.

9 En die gewone man buig nie [a]neer nie, en die groot man verootmoedig homself nie; daarom, vergewe hom nie.

10 O julle bose, gaan in die rots, en [a]steek julle weg in die stof, want die vrees van die Here en die heerlikheid van sy majesteit sal julle slaan.

11 En dit sal gebeur dat die hoogmoedige kyk van die mens

---

**12** 1*a* Jesaja hoofstuk 2–14 op die bronsplate word deur Nefi aangehaal in 2 Nefi 12–24; daar is sommige verskille in die bewoording waarop gelet moet word.
*b* HEB *khazah,* wat "in 'n gesig" beteken. Dit beteken dat Jesaja sy boodskap in 'n gesig van die Here ontvang het.
2*a* Joël 3:17. GS Sion.
*b* GS Tempel, Huis van die Here.
*c* L&V 49:25.
3*a* GS Wandel, Wandel met God.
*b* HEB leerstelling of leer. GS Evangelie.
4*a* 2 Ne. 21:2–9.
5*a* 2 Ne. 28:14; Mosia 14:6; Alma 5:37.
6*a* DI gevul word, voorsien word van leerstellinge, vreemde geloofsbeginsels. Ps. 106:35.
*b* GS Filistyne.
*c* HEB hande slaan met, of verbond sluit met.
8*a* GS Afgodery.
9*a* DI voor God; hy aanbid eerder afgode.
10*a* Alma 12:14.

verootmoedig sal word, en die
hoogheid van die mens neerge-
buig sal word; en die Here alleen
sal in dié dag verheerlik word.
12 Want die [a]dag van die Here
van die Leërskare kom spoedig
oor alle nasies, ja, oor elkeen; ja,
oor die [b]trotse en hoogmoedige,
en oor elkeen wat verhef is, en hy
sal verootmoedig word.
13 Ja, en die dag van die Here
sal kom oor al die seders van
Libanon, want hulle is hoog en
verhewe; en oor al die eike van
Basan;
14 En oor al die hoë berge, en
oor al die heuwels, en oor al die
nasies wat verhewe is, en oor elke
volk;
15 En oor elke hoë toring, en oor
elke versterkte muur;
16 En oor al die skepe van die
[a]see, en oor al die skepe van Tar-
sis, en oor alle mooi tonele.
17 En die hoogmoedigheid van
die mens sal neergebuig, en die
hoogmoed van mense sal ver-
ootmoedig word; en die Here al-
leen sal in [a]daardie dag verheerlik
wees.
18 En die afgode sal Hy heelte-
mal afskaf.
19 En hulle sal gaan in die gate
van die rotse, en in die spelonke
van die aarde, want die vrees
van die Here sal oor hulle kom
en die heerlikheid van sy majes-
teit sal hulle tref, wanneer Hy
opstaan om die aarde verskrik-
lik te skud.
20 In daardie dag sal die mens
sy afgode van silwer en sy af-
gode van goud wat hy gemaak
het vir homself om te aanbid,
weggooi vir die molle en die
vlermuise;
21 Om te gaan in die skeure van
die rotse, en in die toppe van die
growwe kranse, want die vrees
van die Here sal oor hulle kom
en die majesteit van sy heerlik-
heid sal hulle tref, wanneer Hy
opstaan om die aarde verskrik-
lik te skud;
22 [a]Laat staan tog die mens, wie
se asem in sy neusgate is, want
waarin sal hy geag word?

## HOOFSTUK 13

*Juda en Jerusalem sal gestraf word vir hulle ongehoorsaamheid—Die Here pleit vir, en oordeel sy volk—Die dogters van Sion word vervloek en gepynig vir hulle wêreldsgesindheid—Vergelyk Jesaja 3. Ongeveer 559–545 v.C.*

1 WANT kyk, die Here, die Here van
die Leërskare neem weg van Jeru-
salem en van Juda die stut en die

12*a* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
*b* Mal. 4:1; 2 Ne. 23:11; L&V 64:24.
16*a* Die Griekse (Septuagint) weergawe bevat een frase wat nie in die Hebreeus voorkom nie en die Hebreeus bevat een frase wat nie in die Grieks voorkom nie, maar 2 Ne. 12:16 bevat albei. Ps. 48:8; Eség. 27:25.
17*a* DI die dag van die Here se koms in heerlikheid.
22*a* DI Hou op om staat te maak op die sterflike mens; sy mag is gering in vergelyking met God. Moses 1:10.

steun, die hele stut van brood en die hele steun van water.
2 Die magtige man, en die krygsman, die regter, en die profeet, en die wyse, en die oudste;
3 Die owerste oor vyftig, en die eerbare man, en die raadsman, en die knap ambagsman, en die bekwame spreker.
4 En Ek sal kinders aan hulle gee om hulle prinse te wees, en babas sal heers oor hulle.
5 En die mense sal verdruk word, elkeen deur ′n ander, en elkeen deur sy naaste; die kind sal hoogmoedig optree teenoor die oudste, en die veragtelike teenoor die eerbare.
6 Wanneer ′n man sy broer aangryp van die huis van sy vader, en sal sê: Jy het klere, wees jy ons heerser, en laat nie hierdie [a]verwoesting onder jou hand kom nie—
7 In daardie dag sal hy sweer, en sê: Ek sal geen [a]geneser wees nie, want in my huis is daar nóg brood nóg klere; maak my nie ′n heerser van die volk nie.
8 Want Jerusalem is [a]verwoes, en Juda het [b]geval, want hulle tonge en hulle dade was teen die Here, om die oë van sy heerlikheid te tart.
9 Die uitdrukking van hulle gesig getuig teen hulle, en verklaar dat hul sonde net soos [a]Sodom is, en hulle kan dit nie wegsteek nie. Wee hulle siele, want hulle het hulself met onheil beloon!
10 Sê vir die regverdiges dat dit [a]goed gaan met hulle; want hulle sal die vrug van hulle handelinge eet.
11 Wee die bose, want hulle sal omkom; want die beloning van hulle hande sal oor hulle kom!
12 En my volk, kinders is hulle verdrukkers, en vroue heers oor hulle. O my volk, hulle wat julle [a]lei, laat julle sondig en vernietig die weg van jul paaie.
13 Die Here staan op om te [a]pleit, en tree op om die volke te oordeel.
14 Die Here sal die oudstes van sy volk, en die [a]vorste daarvan oordeel; want julle het die [b]wingerd [c]opgeëet en die [d]besittings van die [e]armes in julle huise.
15 Wat bedoel julle? Julle breek my volk in stukke, en maal die gesigte van die armes, spreek die Here God van die Leërskare.
16 Verder, sê die Here: Omdat die dogters van Sion hoogmoedig is, en loop met uitgestrekte nekke en met uitlokkende oë, loop en [a]trippel soos hulle stap, en ′n rinkeling maak met hulle voete—

**13** 6*a* Jes. 3:6.
7*a* HEB iemand wat wonde verbind, d.i. ek kan nie nou jou probleme oplos nie.
8*a* Jer. 9:11.
*b* Klaagl. 1:3.
9*a* Gén. 19:1, 4–7, 24–25. GS Homoseksuele Gedrag.
10*a* Deut. 12:28.
12*a* Jes. 9:16.
13*a* HEB twis. Miga 6:2; L&V 45:3–5.
14*a* HEB heersers of leiers.
*b* Jes. 5:7.
*c* HEB verteer of verbrand.
*d* DI deur verduistering verkry.
*e* 2 Ne. 28:12–13.
16*a* DI kort, vinnige treetjies op ′n aansitterige manier.

17 Daarom sal die Here die kroon van die hoofde van die dogters van Sion slaan met 'n sweer, en die Here sal hulle skaamte [a]ontbloot.

18 In dié dag sal die Here wegneem die prag van hulle rinkelende sierade, en [a]haarnette, en [b]ronde sierade soos die maan;

19 Die kettings en die armbande, en die sluiers;

20 Die hoede, en die sierade van die bene, en die kopbande, en die reukflessies, en die oorringe;

21 Die ringe en die neusjuwele;

22 Die [a]veranderbare klere, en die mantels, en die kopdoeke, en die krulysters;

23 Die spieëls en die fyn linne, en hooftooisels, en die sluiers.

24 En dit sal gebeur, in plaas van soete geur sal daar stank wees; en in plaas van 'n gordel, 'n [a]skeur; en in plaas van goed gekartelde hare, kaalheid; en in plaas van 'n [b]borskleed, 'n omgording van roukleed; [c]brandmerk in plaas van skoonheid.

25 Jou manne sal val deur die swaard, en jou magtiges in die oorlog.

26 En haar poorte sal klaag en treur; en sy sal verlate wees, en op die grond sit.

## HOOFSTUK 14

*Sion en haar dogters sal verlos en gereinig word op die millenniale dag—Vergelyk Jesaja 4. Ongeveer 559–545 v.C.*

En in dié dag, sal sewe vroue een man aangryp, en sê: Ons sal ons eie brood eet, en ons eie klere dra; laat ons net by jou naam genoem word om ons [a]smaad weg te neem.

2 In daardie dag sal die [a]tak van die Here pragtig en heerlik wees; die vrug van die aarde voortreflik en mooi vir hulle wat ontvlug het van Israel.

3 En dit sal gebeur, dat hulle wat agtergelaat is in Sion en bly in Jerusalem, sal heilig genoem word, elkeen wat opgeskrywe is onder die lewendes in Jerusalem—

4 [a]Wanneer die Here die vieslikheid van die dogters van Sion [b]afgewas het; en die bloed van Jerusalem uit die midde daarvan sal weggespoel het, deur die gees van oordeel en deur die gees van [c]verbranding.

5 En die Here sal oor elke woonplek van berg Sion, en oor haar plekke van samekoms, 'n [a]wolk en rook bedags en die glans van

17*a* HEB bekendmaak; idioom wat beteken "om hulle te beskaam".
18*a* moontlik haarnette. Gesaghebbendes stem nie altyd saam oor die aard van vroulike versiersels in verse 18–23 nie.
*b* DI versiersels in die vorm van 'n halfmaan.
22*a* HEB pragtige kledingstukke.
24*a* HEB vodde.
*b* OF 'n kleed.
*c* OF 'n simbool van slawerny.
**14** 1*a* DI die stigma om ongetroud en kinderloos te wees.
2*a* Jes. 60:21; 2 Ne. 3:5; Jakob 2:25.
4*a* DI Wanneer die Here die aarde gereinig het.
*b* GS Was, Gewas, Wassings.
*c* Mal. 3:2–3; 4:1.
5*a* Ex. 13:21.

'n vlammende vuur in die nag
skep; want oor al die heerlikheid
van Sion sal 'n beskerming wees.
6 En daar sal 'n skuiling wees
vir 'n skaduwee bedags teen die
hitte, en vir 'n [a]toevlugsoord, en
'n bedekking teen storm en reën.

## HOOFSTUK 15

*Die Here se wingerd (Israel) sal verlate word, en sy volk sal verstrooi word—Ellende sal oor hulle kom in hulle afvallige en verstrooide toestand—Die Here sal 'n vaandel ophef en Israel versamel—Vergelyk Jesaja 5. Ongeveer 559–545 v.C.*

En dan sal ek vir my welbeminde
sing; 'n [a]lied oor my beminde,
rakende sy wingerd. My welbeminde het 'n wingerd op 'n baie
vrugbare heuwel.
2 En hy het dit omhein, en die
klippe daarvan uitgehaal; en dit
beplant met die beste [a]wingerdstokke, en het 'n toring gebou in
die middel daarvan, en het ook
'n parskuip gemaak daarin; en
hy het verwag dat dit druiwe
sou voortbring, en dit het wilde
druiwe voortgebring.
3 En nou, o inwoners van Jerusalem, en manne van Juda, oordeel, smeek ek jou, tussen my en
my wingerd.
4 Wat kon daar meer gedoen
word aan my wingerd wat ek nie
daarin gedoen het nie? Daarom,
toe ek verwag het dat dit druiwe
sou voortbring, het dit wilde
druiwe voortgebring.
5 En nou kyk; Ek sal julle vertel
wat ek sal doen aan my wingerd;
ek sal die heining daarvan [a]wegneem, en dit sal opgeëet word; en
ek sal die muur daarvan afbreek,
en dit sal vertrap word;
6 En ek sal dit 'n wildernis
maak; dit sal nie gesnoei of omgespit word nie, maar daar sal
dorings en [a]distels opkom; ek sal
ook die wolke beveel dat hulle nie
[b]reën daarop nie.
7 Want die [a]wingerd van die
Here van die Leërskare is die huis
van Israel, en die manne van Juda
is sy aangename plant; en Hy het
gewag op regverdige [b]oordeel,
en kyk, verdrukking; vir geregtigheid, maar kyk, 'n geskreeu.
8 Wee hulle wat [a]huis aan huis
saamvoeg, totdat daar geen plek
meer kan wees nie, dat hulle alleen [b]geplaas mag word in die
middel van die aarde!
9 In my ore, het die Here van die
Leërskare gespreek, waarlik baie
huise sal verlate wees, en groot en
mooi stede sonder inwoner.
10 Ja, tien akker wingerd sal een

6*a* Jes. 25:4; L&V 115:6.
**15** 1*a* DI Die profeet skep 'n lied of poëtiese gelykenis van 'n wingerd wat God se genade en Israel se gebrek aan reaksie toon.
2*a* Jer. 2:21.
5*a* Ps. 80:13.
6*a* Jes. 7:23; 32:13.
*b* Jer. 3:3.
7*a* GS Wingerd van die Here.
*b* OF geregtigheid.
8*a* Miga 2:1–2.
*b* DI gelaat te word om alleen te woon. Die ryk grondeienaars neem al die klein plasies van die armes in besit.

[a]bat oplewer, en die saad van ’n homer sal ’n efa oplewer.
11 Wee hulle wat vroeg in die môre opstaan, om sterk drank [a]na te jaag, wat aanhou tot saans, en die [b]wyn hulle verhit!
12 En die harp, en die luit, die tamboeryn, en fluit, en wyn is by hulle feeste; maar hulle [a]slaan geen ag op die werk van die Here nie, en sien nie die werk van sy hande nie.
13 Daarom, my volk is in ballingskap geneem, omdat hulle geen [a]kennis het nie; en hulle eerbare manne ly honger, en hulle menigte is opgedroog van dors.
14 Daarom, die hel het haarself vergroot, en haar mond oopgerek sonder maat; en hulle heerlikheid, en hulle menigte, en hulle praal, en hy wat hom verbly, sal daarin neerdaal.
15 En die gewone man sal verlaag word, en die magtige man sal verootmoedig word, en die oë van die hoogmoedige sal verootmoedig word.
16 Maar die Here van die Leërskare sal verhef word deur die [a]oordeel, en God wat heilig is, sal geheilig word deur geregtigheid.
17 Dan sal die lammers wei volgens hulle wyse, en die verlate gebiede van die vet vee sal deur vreemdelinge geëet word.
18 Wee hulle wat die ongeregtigheid trek met koorde van [a]ydelheid, en sonde [b]asof met ’n wa-tou;
19 Wat sê: Laat Hom [a]gou maak, verhaas sy werk, dat ons dit mag [b]sien; en laat die raad van die Heilige Een van Israel naby wees, dat ons dit kan ken.
20 Wee hulle wat die bose goed [a]noem, en goed boos, wat die [b]duisternis lig maak, en die lig duisternis, wat bitter soet maak, en soet bitter!
21 Wee dié wat [a]wys is in hul eie oë en verstandig in hul eie oordeel!
22 Wee die magtiges wat wyn drink, en manne van krag wat sterk drank meng;
23 Wat die goddelose regverdig vir beloning, en die regverdigheid van die regverdige van hom [a]ontneem!
24 Daarom, soos die [a]vuur die [b]stoppels verteer, en die vlam die [c]kaf verbrand, sal hulle wortel verrot wees, en hulle bloeisels sal opgaan soos stof; omdat hulle die wet van die Here van

10*a* Eség. 45:10–11.
11*a* Spr. 23:30–32.
*b* GS Woord van Wysheid.
12*a* Ps. 28:5.
13*a* Hos. 4:6.
GS Kennis.
16*a* GS Jesus Christus—Regter.
18*a* GS Ydel, Ydelheid.
*b* DI Hulle is gebonde aan hul sondes soos diere aan hul laste.
19*a* Jer. 17:15.
*b* DI Hulle sal nie in die Messias glo tot hulle Hom sien nie.
20*a* Moro. 7:14, 18; L&V 64:16; 121:16.
*b* 1 Joh. 1:6.
21*a* Spr. 3:5–7; 2 Ne. 28:15.
23*a* DI ontneem hom van sy wettige regte.
24*a* Obad. 1:18; Mal. 4:1–2; 2 Ne. 20:17.
*b* Joël 2:5; 1 Ne. 22:15, 23; 2 Ne. 26:4, 6; L&V 64:23–24; 133:64.
*c* Lk. 3:17; Mosia 7:29–31.

die Leërskare verwerp het, en die
woord van die Heilige Een van Is-
rael [d]verag het.
25 Daarom is die [a]toorn van die
Here ontvlam teen sy volk, en Hy
het sy hand uitgestrek teen hulle,
en hulle geslaan; en die heuwels
het gebeef, en hulle lyke is ver-
skeur in die middel van die strate.
Ondanks dit alles is sy toorn nie
afgewend nie, maar sy hand is
nog steeds uitgestrek.
26 En Hy sal ′n [a]vaandel op-
hef vir die nasies van ver, en sal
[b]fluit vir hulle van die einde van
die aarde; en kyk, hulle sal [c]kom
met spoed, vinnig; niemand sal
vermoeid wees of struikel onder
hulle nie.
27 Niemand sal sluimer nóg
slaap; nóg sal die gord van hulle
lendene losgemaak word, nóg die
riem van hulle skoene gebreek
word;
28 Wie se pyle skerp sal wees,
en al hulle boë gespan; en hulle
perde se pote sal soos klipsteen
beskou word, en hulle wiele soos
′n warrelwind; hulle gebrul soos
′n leeu.
29 Hulle sal brul soos jong
[a]leeus; ja, hulle sal brul, en die
prooi gryp, en sal veilig wegdra,
en niemand sal verlos nie.
30 En in daardie dag sal hulle
brul teen hulle soos die dreu-
ning van die see; en as hulle die
land aanskou, kyk, duisternis en
smart, en die lig is verduister in
die hemele daarvan.

## HOOFSTUK 16

*Jesaja sien die Here—Jesaja se sondes word vergewe—Hy word geroep om te profeteer—Hy profeteer oor die verwerping van Christus se leringe deur die Jode—′n Oorblyfsel sal terugkeer—Vergelyk Jesaja 6. Ongeveer 559–545 v.C.*

In die [a]jaar wat koning Ussia ge-
sterf het, het ek ook die Here sien
sit op ′n troon, hoog en verhewe,
en sy [b]soom het die tempel gevul.
2 Bo dit het die [a]serafs gestaan;
elkeen het ses vlerke gehad; met
twee het hy sy gesig bedek, en
met twee het hy sy voete bedek,
en met twee het hy gevlieg.
3 En die een het die ander toege-
roep, en gesê: Heilig, heilig, hei-
lig, is die Here van die Leërskare;
die hele aarde is vol van sy heer-
likheid.
4 En die [a]drumpelposte het ge-
bewe vanweë die stem van hom
wat geroep het, en die huis is ge-
vul met rook.
5 Toe het ek gesê: Wee my!
want ek is [a]vernietig; want ek is

24*d* 2 Sam. 12:7–9.
25*a* L&V 63:32; Moses 6:27.
26*a* GS Vaandel.
*b* DI die teken gee vir die versameling. Jes. 7:18; 2 Ne. 29:2.
*c* GS Israel—Die versameling van Israel.
29*a* 3 Ne. 21:12–13.
**16** 1*a* DI ongeveer 750 v.C.
*b* DI die soom van sy kledingstuk, of die pante daarvan.
2*a* GS Gérubs.
4*a* HEB die fondamente van die drumpels het gebeef.
5*a* HEB afgesny, d.i. hy is oorweldig deur die besef van sy sondes en dié van sy volk.

ʼn man van onrein lippe; en ek woon te midde van ʼn volk van onrein lippe; want my oë het die Koning gesien, die Here van die Leërskare.
6 Toe het een van die serafs na my toe gevlieg, met ʼn [a]gloeiende kool in sy hand, wat hy geneem het met ʼn tang vanaf die altaar;
7 En hy het dit op my mond gelê, en gesê: Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou [a]ongeregtigheid is weggeneem, en jou sonde gereinig.
8 Ook het ek die stem van die Here gehoor, wat sê: Wie sal ek stuur, en wie sal vir ons gaan? Toe sê ek: Hier is ek; stuur my.
9 En Hy het gesê: Gaan en sê vir hierdie volk—Hoor julle inderdaad, maar hulle het nie verstaan nie; en sien julle inderdaad, maar hulle het nie bemerk nie.
10 Maak die hart van hierdie volk vet, en maak hulle ore swaar, en sluit hulle oë—sodat hulle nie sien met hulle oë, en [a]hoor met hulle ore, en verstaan met hulle hart, en bekeer en genees word nie.
11 Toe sê ek: Here, hoe lank? En Hy het gesê: Totdat die stede verwoes is sonder inwoner, en die huise sonder mens, en die land totaal verlate is;
12 En die Here het die mense ver [a]verwyder, want daar sal ʼn groot verlatenheid wees in die middel van die land.
13 Maar tog daar sal ʼn tiende wees, en hulle sal terugkeer, en sal opgeëet word, soos ʼn lindeboom, en soos ʼn eikeboom waarin die lewensap nog is wanneer die blare afval; so sal die heilige saad die [a]lewensap daarvan wees.

## HOOFSTUK 17

*Efraim en Aram voer oorlog teen Juda—Christus sal gebore word uit ʼn maagd—Vergelyk Jesaja 7. Ongeveer 559–545 v.C.*

En dit het gebeur in die dae van Agas, die seun van Jotam, die seun van Ussia, koning van Juda, dat Resin, koning van Aram, en Peka, die seun van Remália, koning van Israel, opgetrek het na Jerusalem om daarteen oorlog te voer; maar kon dit nie oorwin nie.
2 En dit is aan die huis van Dawid vertel, en gesê: Aram het ʼn bondgenootskap gevorm met [a]Efraim. En sy hart het gebewe, en die hart van sy volk, soos die bome van die bos bewe voor die wind.
3 Toe het die Here vir Jesaja gesê: Gaan nou uit, Agas tegemoet, jy en [a]Sjear Ja-Sjub jou seun, aan die

---

6*a* DI ʼn simbool van reiniging.
7*a* GS Vergifnis van Sondes.
10*a* Matt. 13:14–15.
12*a* 2 Kon. 17:18, 20.
13*a* DI net soos ʼn boom lewe en oor die potensiaal beskik om saad voort te bring alhoewel die blare verstrooi word.
**17** 2*a* DI Die hele noordelike Israel is Efraim genoem, die vooraanstaande noordelike stam.
3*a* HEB Die oorblyfsel sal terugkeer.

einde van die waterleiding van
die boonste poel, by die hoofweg
van die bleiker se veld;
4 En sê vir hom: Wees versigtig,
en wees gerus; [a]vrees nie, wees
ook nie flou-hartig vanweë die
twee sterte van hierdie rokende
stompe nie, weens die gloeiende
toorn van Resin met Aram, en van
die seun van Remália.
5 Omdat Aram, Efraim en die
seun van Remália bose planne
teen jou beraam het, en gesê het:
6 Laat ons optrek teen Juda en
dit teister, en laat ons 'n bres
daarin [a]slaan vir ons, en 'n ko-
ning stel in die midde daarvan,
ja die seun van Tábeal.
7 So sê die Here God: Dit sal nie
staan nie, nóg sal dit gebeur.
8 Want die hoof van Aram is
Damaskus, en die hoof van Da-
maskus, Resin; en binne vyf en
sestig jaar sal Efraim verbreek
word sodat dit nie meer 'n volk
is nie.
9 En die hoof van Efraim is Sa-
maría, en die hoof van Samaría is
Remália se seun. As julle [a]nie wil
glo nie, voorwaar, julle sal nie ge-
vestig word nie!
10 Voorts, die Here het weer met
Agas gespreek, en gesê:
11 Vra vir jou 'n [a]teken van die
Here jou God; vra dit óf in die
dieptes, óf in die hoogtes daarbo.
12 Maar Agas het gesê: Ek sal
nie vra nie, nóg sal ek die Here
[a]versoek.
13 En hy het gesê: Luister julle
nou, o huis van Dawid; is dit 'n
geringe ding vir julle om mense
te vermoei, maar wil julle my God
ook vermoei?
14 Daarom, die Here sal self vir
julle 'n teken gee—Kyk 'n [a]maagd
sal swanger word, en sal 'n seun
baar, en sal sy naam [b]Immánuel
noem.
15 Botter en heuning sal Hy
eet, dat Hy mag weet om te ver-
werp wat boos is en om te kies
wat goed is.
16 Want voordat die [a]kind sal
weet om te verwerp wat boos is
en te kies wat goed is, sal die land
wat jy verafsku, verlate wees deur
[b]beide haar konings.
17 Die Here sal oor jou, en oor
jou volk [a]bring, en oor jou vader
se huis, dae wat nie gekom het
nie, van die dag dat [b]Efraim weg-
gegaan het van Juda, die koning
van Assur.
18 En dit sal gebeur in dié dag
dat die Here sal [a]fluit vir die vlieg
wat in die uiteindes van Egipte
is, en vir die by wat in die land
Assur is.
19 En hulle sal kom, en sal rus,
almal van hulle in die verlate
valleie, en in die skeure van die
rotse, en op alle dorings, en op
alle bosse.

4*a* DI Moenie bang wees oor die aanval nie; daardie twee konings het nie meer veel vuur nie.
6*a* HEB verdeel dit.
9*a* 2 Kron. 20:20.
11*a* GS Teken.
12*a* DI toets of beproef.
14*a* GS Maagd.
*b* HEB met ons is God. GS Immánuel.
16*a* 2 Ne. 18:4.
*b* 2 Kon. 15:30; 16:9.
17*a* 2 Kron. 28:19–21.
*b* 1 Kon. 12:16–19.
18*a* DI sein gee, roep. Jes. 5:26.

20 In dieselfde dag sal die Here
[a]skeer met ′n skeermes wat ge-
huur is, deur hulle anderkant die
rivier, deur die [b]koning van As-
sur, die hoof, en die hare van die
voete; en dit sal ook die baard af-
skeer.
21 En dit sal gebeur in dié dag,
′n man sal ′n jong koei en twee
skape [a]voed;
22 En dit sal gebeur, weens die
oorvloed van melk wat hulle sal
gee, sal hy botter eet; want botter
en heuning sal almal eet wat oor-
bly in die land.
23 En dit sal gebeur in dié dag,
elke plek sal wees waar daar ′n
duisend wingerdstokke was teen
′n duisend [a]silwerlinge, wat sal
wees vir dorings en distels.
24 Met pyle en met boë sal
mense daarheen kom, want die
hele land sal vol dorings en dis-
tels wees.
25 En alle heuwels wat bewerk
sal word met die bylpik, daar sal
nie die vrees vir dorings en dis-
tels kom nie; maar dit sal wees
om beeste in te jaag, en vir ver-
trapping deur [a]kleinvee.

## HOOFSTUK 18

*Christus sal wees soos ′n struikelblok en ′n rots van aanstoot—Soek die Here, nie piepende towenaars—Wend julle na die wet en na die getuienis vir leiding—Vergelyk Jesaja 8. Ongeveer 559–545 v.C.*

1 Voorts, die woord van die Here
het vir my gesê: Neem jy ′n groot
rol, en skrywe daarop met ′n
mens se pen, aangaande [a]Maher-
sjalal-hasj-bas.
2 En ek het vir my betroubare
[a]getuies geneem om neer te skryf:
Uría, die priester, en Sagaría, die
seun van Jeberégja.
3 En ek het ingegaan by die [a]pro-
fetes, en sy het swanger geword
en ′n seun gebaar. Toe sê die Here
vir my: noem sy naam, Maher-
sjalal-hasj-bas.
4 Want kyk, die [a]kind sal [b]nie
kennis hê om te roep, My vader,
en my moeder, voordat die ryk-
dom van Damaskus en die [c]buit
van Samaría weggeneem sal
word voor die koning van As-
sur nie.
5 Die Here het ook weer met my
gespreek, en gesê:
6 In soverre hierdie volk die wa-
ters versmaad van [a]Silóa wat sag-
gies vloei, en verbly in [b]Resin en
Remália se seun;
7 Nou daarom, kyk, die Here
bring [a]oor hulle die waters van
die rivier, sterk en baie—en wel

20*a* DI Die land sal ontvolk word deur ′n vreemde invaller.
*b* 2 Kon. 16:5–9.
21*a* DI Slegs ′n paar selfonderhoudende oorlewendes sal oorbly.
23*a* OF silwerstukke.
25*a* HEB skape of bokke.
**18** 1*a* HEB Om te spoed na die buit, haas hy na die prooi.
2*a* GS Getuie.
3*a* DI sy vrou.
4*a* 2 Ne. 17:16.
*b* Jes. 8:4.
*c* 2 Kon. 15:29.
6*a* Gén. 49:10; JSV Gén. 50:24 (Bylae).
*b* Jes. 7:1.
7*a* DI eerste oor noordelike Israel.

die koning van Assur en al sy heerlikheid; en hy sal bo al sy kanale styg en oor al sy walle gaan.

8 En [a]hy sal beweeg deur Juda; en hy sal oorloop en oorgaan; hy sal selfs die nek bereik; en die uitstrekking van sy vlerke sal die breedte van u land vul, o [b]Immánuel!

9 [a]Verenig julleself, o julle volke, en julle sal in stukke gebreek word; en neig die oor al julle van verre lande; omgord julle, en julle sal in stukke gebreek word; omgord julle en julle sal in stukke gebreek word.

10 Neem saam 'n besluit, en niks sal daarvan kom nie; spreek die woord, en dit sal nie staan nie; want God is [a]met ons.

11 Want die Here het so met my gespreek met 'n sterk hand, en my vermaan dat ek nie moes wandel in die weg van hierdie volk nie, en gesê:

12 Sê julle nie, 'n [a]Sameswering, aan al diegene aan wie hierdie volk sal sê, 'n Sameswering: nóg vrees julle hulle vrees, nóg wees bevrees.

13 Heilig die Here van die Leërskare, en [a]laat Hom julle vrees wees, en laat Hom julle verskrikking wees.

14 En Hy sal soos 'n [a]heiligdom wees; maar soos 'n [b]struikelblok, en soos 'n rots van aanstoot, vir beide die huise van Israel, soos 'n vangnet en 'n strik vir die inwoners van Jerusalem.

15 En baie onder hulle sal [a]struikel en val, en gebroke wees, en verstrik en gevang word.

16 Bind die getuienis toe, verseël die [a]wet onder my dissipels.

17 En ek sal wag op die Here, wat sy aangesig [a]verberg van die huis van Jakob, en ek sal Hom verwag.

18 Kyk, ek en die kinders wat die Here my gegee het, is vir [a]tekens en vir wonderwerke in Israel van die Here van die Leërskare, wat op Berg Sion woon.

19 En wanneer hulle vir julle sal sê: Raadpleeg hulle wat [a]geestebesweerders is, en die [b]waarsêers wat piep en mompel—[c]moet 'n volk nie hul God raadpleeg oor die lewendes om te hoor [d]van die dooies nie?

20 Tot die wet en tot die getuienis; en as [a]hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is dit

8*a* DI Assirië sal ook Juda binnedring.
*b* GS Immánuel.
9*a* DI Sluit bondgenootskappe.
10*a* DI Juda (land van Immánuel) sal gespaar word.
Ps. 46:8.
12*a* DI Juda moet nie op geheime sameswerings met ander staatmaak vir veiligheid nie.
13*a* DI Wees eerbiedig en nederig voor God.
14*a* Eség. 11:15–21.
*b* 1 Petr. 2:4–8; Jakob 4:14–15.
15*a* Matt. 21:42–44.
16*a* HEB leerstellings of leer.
GS Evangelie.
17*a* Jes. 54:8.
18*a* DI Die name van Jesaja en sy seuns beteken onderskeidelik "Jehova red"; "Die oorblyfsel sal terugkeer" en "Om te spoed na die buit, haas hy na die prooi."
2 Ne. 17:3; 18:3.
19*a* Lev. 20:6.
*b* DI towenaars.
*c* 1 Sam. 28:6–20.
*d* OF namens.
20*a* DI die spiritualistiese media (ook in verse 21–22).

omdat daar geen lig in hulle is nie.
21 En [a]hulle sal daardeur gaan, swaar verdruk en honger; en dit sal gebeur dat wanneer hulle honger is, sal hulle hulself kwel, en hulle koning en hulle God vervloek, en opwaarts kyk.
22 En hulle sal na die aarde kyk, en moeilikheid en duisternis sien, 'n dofheid van angs, en sal gedrywe word na die duisternis.

## HOOFSTUK 19

*Jesaja spreek oor die Messias—Die volk in duisternis sal 'n groot lig sien—Vir ons is 'n kind gebore—Hy sal die Vredevors wees en sal heers op Dawid se troon—Vergelyk Jesaja 9. Ongeveer 559–545 v.C.*

Desnieteenstaande, die dofheid sal nie wees soos wat dit in haar kwelling was nie; toe hy aanvanklik die land Sebulon en die [a]land Naftali ligtelik verdruk het, en daarna nog swaarder verdruk het langs die weg na die Rooi See, oorkant die Jordaan in Galiléa van die nasies.
2 Die volk wat in [a]duisternis gewandel het, het 'n groot lig gesien; hulle wat woon in die land van die doodskaduwee, oor hulle het die lig geskyn.
3 U het die nasie vermenigvuldig, en die vreugde [a]vergroot—hulle verbly hulle voor U soos die vreugde in die oes, en soos manne juig wanneer hulle die buit verdeel.
4 Want U het die juk verbreek van sy las, en die staf van sy skouer, die roede van sy verdrukker.
5 Want elke stryd van die krygsman is met verwarde geraas, en klere wat gerol is in bloed, maar dit sal wees met verbranding en brandstof van die vuur.
6 Want 'n [a]Kind is vir ons gebore, aan ons is 'n Seun gegee, en die [b]heerskappy sal wees op sy skouer; en sy naam sal wees: Wonderbaar, Raadsman, die [c]Sterke God, die [d]Ewige Vader, die [e]Vredevors.
7 Aan die vermeerdering van die [a]heerskappy en van vrede is [b]daar geen einde nie, op die troon van Dawid, en oor sy koninkryk, om dit te orden en dit te vestig met reg en met geregtigheid, van nou af en vir ewig. Die ywer van die Here van die Leërskare sal dit uitvoer.
8 Die Here het sy woord gestuur na Jakob en dit het op [a]Israel neergedaal.
9 En die hele volk sal weet,

21 *a* DI Israel sal gevange geneem word omdat hulle nie wou ag slaan nie.
**19** 1 *a* Matt. 4:12–16.
2 *a* Die "dofheid" en "duisternis" was afval en gevangenskap; die "groot lig" is Christus.
3 *a* Jes. 9:3.
6 *a* Jes. 7:14; Lk. 2:11.
*b* Matt. 28:18.
*c* Tit. 2:13–14.
*d* Alma 11:38–39, 44.
*e* Joh. 14:27.
7 *a* GS Regering.
*b* Dan. 2:44.
8 *a* DI Die profetiese boodskap wat volg (verse 8–21) was 'n waarskuwing aan die noordelike tien stamme, genaamd Israel.

naamlik Efraim en die inwoners
van Samaría, wat sê in die hoog-
moed en grootsheid van hart:
10 Die bakstene het neergeval,
maar ons sal bou met gekapte
klippe; die wildevyebome is af-
gekap, maar ons sal hulle in se-
ders verander.
11 Daarom, die Here sal die
teenstanders van [a]Resin verhef
teen hom, en sy vyande saam-
voeg;
12 Die Arameërs voor en die Fi-
listyne agter; en hulle sal Israel
[a]verslind met ope mond. On-
danks dit alles is sy [b]toorn nie
afgewend nie, maar sy hand is
steeds uitgestrek.
13 Want die volk [a]keer nie tot
Hom wat hulle slaan nie, nóg
soek hulle die Here van die Leër-
skare.
14 Daarom sal die Here van Is-
rael kop en stert afsny, tak en bie-
sie in een dag.
15 Die oudste, hy is die kop; en
die profeet wat leuens verkondig,
hy is die stert.
16 Want die leiers van hierdie
volk veroorsaak dat hulle dwaal;
en diegene wat gelei word deur
hulle, word vernietig.
17 Daarom, die Here sal geen
vreugde hê oor hulle jongmanne
nie, nóg sal Hy geen [a]barmhar-
tigheid hê vir hulle wese en we-
duwees; want elkeen van hulle
is ʼn huigelaar en ʼn boosdoener,
en elke mond spreek [b]dwaasheid.
Ondanks dit alles is sy toorn nie
afgewend nie, maar sy [c]hand is
steeds uitgestrek.
18 Want boosheid brand soos
die vuur; dit sal die distels en
dorings verteer, en sal die struik-
gewasse van die woude aan die
brand steek, en hulle sal opklim
soos die opstyging van rook.
19 Deur die toorn van die Here
van die Leërskare is die land ver-
duister, en die volk sal wees soos
die brandstof van die vuur; [a]geen
mens sal sy broer spaar nie.
20 En hy sal gryp na die regter-
hand en honger wees; en hy sal
[a]eet aan die linkerhand en hulle
sal nie versadig wees nie; hulle
sal eet, elke mens die vlees van
sy eie arm—
21 [a]Manasse, [b]Efraim; en Ef-
raim, Manasse; hulle saam sal
teen [c]Juda wees. Ondanks dit al-
les is sy toorn nie afgewend nie,
maar sy hand is steeds uitgestrek.

## HOOFSTUK 20

*Die vernietiging van Assur is ʼn voorafskaduwing van die vernietiging van die bose by die Tweede Koms—Min mense sal oorbly nadat die Here weer gekom het—Die oorblyfsel van Jakob sal terugkeer op daardie dag—Vergelyk Jesaja 10. Ongeveer 559–545 v.C.*

WEE hulle wat onregverdige de-

11 *a* 2 Kon. 16:5–9.
12 *a* 2 Kon. 17:6, 18.
*b* Jes. 5:25; 10:4.
13 *a* Amos 4:6–12.
17 *a* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
*b* 2 Ne. 9:28–29.
*c* Jakob 5:47; 6:4.
19 *a* Miga 7:2–6.
20 *a* Deut. 28:53–57.
21 *a* GS Manasse.
*b* GS Efraim.
*c* GS Juda.

krete uitvaardig, en wat verdrukking skrywe wat hulle voorgeskryf het.
2 Om die behoeftiges van geregtigheid weg te wys, en om die reg weg te neem van die armes van my volk, sodat [a]weduwees hulle prooi mag wees, en sodat hulle die wese kan beroof!
3 En wat sal julle doen op die dag van [a]besoeking, en in die verwoesting wat sal kom van ver? na wie sal julle vlug om hulp? en waar sal julle jul heerlikheid laat?
4 Sonder My sal hulle neerbuig onder die gevangenes, en hulle sal val onder die dooies. Ondanks dit alles is sy toorn nie afgewend nie, maar sy hand is steeds uitgestrek.
5 O Assur, die roede van my toorn, en die staf in hulle hand is [a]hulle verontwaardiging.
6 Ek sal hom stuur [a]teen ʼn skynheilige nasie, en teen die volk van my toorn sal ek hom bevel gee om die buit te neem, en om die prooi te neem, en om hulle te vertrap soos die modder van die strate.
7 Nietemin, hy bedoel dit nie so nie, en sy hart dink nie so nie; maar in sy hart is dit om te vernietig en om nasies af te sny, nie min nie.
8 Want hy sê: Is my prinse nie almal saam konings nie?
9 Is Kalno nie soos Kárkemis nie? Is Hamat nie soos Arpad nie? Is Samaría nie soos Damaskus nie?
10 Soos [a]my hand die koninkryk van die afgode gestig het, en wie se gesnede beelde dié oortref het van Jerusalem en Samaría;
11 Sal ek nie, soos ek aan Samaría en sy afgode gedoen het, so doen aan Jerusalem en aan haar afgode nie?
12 Daarom, dit sal gebeur dat wanneer die Here al sy werke voltooi het op die Berg Sion en in Jerusalem, dan sal Ek die [a]vrug van die grootsheid van die hart van die koning van [b]Assur en die heerlikheid van sy hoogmoedige blik straf.
13 Want [a]hy sê: Deur die krag van my hand en deur my wysheid het ek hierdie dinge gedoen; want ek is verstandig; en ek het die grense van die volke verskuiwe, en het hulle skatte geroof; en ek het die inwoners neergewerp soos ʼn dapper man.
14 En my hand het gevind soos ʼn nes die rykdom van die volke; en soos een eiers bymekaarmaak wat agtergebly het, het ek die hele aarde bymekaargemaak; en daar was niemand wat ʼn vlerk verroer, of ʼn mond oopgemaak, of gepiep het nie.
15 [a]Sal die [b]byl hom beroem

**20** 2*a* GS Weduwee.
3*a* DI straf.
5*a* Jes. 10:5.
6*a* DI teen Israel.
10*a* DI die koning van Assirië se hand (verse 10–11).
12*a* DI die hoogmoedige grootpratery.
*b* Sef. 2:13.
13*a* DI die koning van Assirië (verse 13–14).
15*a* Al die metafore in hierdie vers vra dieselfde vraag: Kan die mens (bv. die Assiriese koning) gedy teen God?
*b* DI Kan die koning gedy teen God?

teen hom wat daarmee kap? Sal
die saag homself vergroot teen
hom wat dit skud? Asof die roede
homself sal skud teen hulle wat
hom oplig, of asof die staf hom-
self sal oplig asof dit nie hout is
nie!
16 Daarom sal die Here, die Here
van die Leërskare, onder sy vet-
tes 'n maerte stuur; en onder [a]sy
heerlikheid sal Hy 'n brand aan-
stook soos die brand van 'n vuur.
17 En die Lig van Israel sal soos
'n vuur wees, en sy Heilige Een
soos 'n vlam; en dit sal brand en
sal sy distels en sy dorings ver-
teer in een dag;
18 En sal die heerlikheid van sy
woud [a]verteer, en van sy vrug-
bare land, beide siel en liggaam;
en hulle sal wees soos wanneer 'n
vaandeldraer flou word.
19 En die [a]res van die bome in sy
woud sal min wees, sodat 'n kind
hulle mag skrywe.
20 En dit sal gebeur in [a]dié dag,
dat die oorblyfsel van Israel, en
diesulkes wat ontvlug het van
die [b]huis van Jakob, nie meer sal
[c]steun op hom wat hulle geslaan
het nie, maar sal steun op die
Here, die Heilige Een van Israel,
in waarheid.
21 Die [a]oorblyfsel sal terugkeer,
ja, naamlik die oorblyfsel van Ja-
kob, na die magtige God toe.
22 Want alhoewel U volk Israel
soos die sand van die see is, tog
sal 'n oorblyfsel van hulle terug-
keer; die [a]verdelging wat beveel
is, sal [b]oorvloei van geregtigheid.
23 Want die Here God van die
Leërskare sal 'n verdelging [a]vol-
trek, wat beveel is, in die hele
land.
24 Daarom, so sê die Here God
van die Leërskare: O my volk
wat woon in Sion, wees nie be-
vrees vir die Assiriër nie; hy sal
jou slaan met die roede, en sal sy
roede lig teen jou [a]volgens die
wyse van Egipte.
25 Want nog 'n baie klein ruk-
kie, en die verontwaardiging sal
ophou, en my toorn in hul ver-
nietiging.
26 En die Here van die Leër-
skare sal 'n gésel maak vir hom
volgens die slagting van [a]Midian
by die rots van Oreb; en soos sy
staf was oor die see, so sal Hy
dit oplig volgens die wyse van
Egipte.
27 En dit sal gebeur in dié dag
dat sy [a]las weggeneem sal word
vanaf jou skouer, en sy juk vanaf
jou nek, en die juk sal vernietig
word vanweë die [b]salwing.

---

16*a* DI die koning van Assirië (ook verse 17–19).
18*a* DI Assirië sal heeltemal verdwyn.
19*a* DI die oorblyfsels van die Assiriese leër.
20*a* DI laaste dae.
*b* Amos 9:8–9.
*c* DI staatmaak op.
21*a* Jes. 11:11–12.
22*a* L&V 63:34. GS Wêreld—Einde van die wêreld.
*b* DI Selfs wanneer die straf kom, sal genade beskikbaar wees.
23*a* DI die vernietiging wat bepaal is laat plaasvind.
24*a* DI net soos die Egiptenare dit in vroeëre tye gedoen het. Ex. 1:13–14.
26*a* Gén. 25:1–2; Rigt. 7:25.
27*a* Jes. 14:25.
*b* GS Gesalfde Een.

28 [a]Hy het tot by Ajat gekom; hy het getrek na Migron; in Migmas het hy sy waens agtergelaat.

29 Hulle trek oor die bergpas; hulle het hul verblyf gemaak by Geba; Rama is bevrees; Gíbea van Saul het gevlug.

30 Verhef die stem, o dogter van Gallim; laat dit gehoor word tot by Lais, o arme Ánatot.

31 Madmena het gevlug, die inwoners van Gebim maak hulself bymekaar om te vlug.

32 Nog sal hy in Nob agterbly dié dag; hy sal sy hand skud teen die berg van die dogter van Sion, die heuwel van Jerusalem.

33 Kyk, die Here, die Here van die Leërskare, sal die takke met vrees afkap; en die [a]hoës van aansien sal afgekap word; en die hoogmoedige sal verootmoedig word.

34 En Hy sal die struikgewasse afkap van die woude met yster, en Libanon sal val deur 'n Magtige Een.

## HOOFSTUK 21

*Die stam van Isai (Christus) sal oordeel in regverdigheid—Die kennis van God sal die aarde bedek gedurende die Millennium—Die Here sal 'n vaandel oprig en Israel versamel—Vergelyk Jesaja 11. Ongeveer 559–545 v.C.*

En daar sal 'n [a]loot uitspruit uit die [b]stam van [c]Isai, en 'n tak sal groei uit sy wortels.

2 En die [a]Gees van die Here sal rus op hom, die gees van wysheid en begrip, die gees van raad en mag, die gees van kennis en van die vrees van die Here;

3 En sal hom van vlugge begrip maak in die vrees van die Here; en Hy sal nie [a]regspreek na wat sy oë sien nie, nóg oordeel na wat sy ore hoor.

4 Maar met [a]geregtigheid sal Hy die armes oordeel, en die [b]sagmoediges van die aarde met billikheid [c]bestraf; en Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond, en met die asem van sy lippe sal Hy die bose doodmaak.

5 En geregtigheid sal die gordel van sy lendene wees en getrouheid die gordel van sy [a]heupe.

6 Die wolf sal ook by die lam woon, en die luiperd sal by die bokkie neerlê, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee tesame; en 'n klein kind sal hulle lei.

7 En die koei en die beer sal wei;

28*a* DI Die opmars van die Assiriese leërs na Jerusalem word geskets, dan (verse 33–34) word die Here se optrede teen hulle figuurlik beskryf.
33*a* Hel. 4:12–13.
**21** 1*a* L&V 113:3–4.
*b* L&V 113:1–2.
*c* Isai was die vader van Dawid; hier word verwys na die koninklike Dawidiese genealogiese lyn waarin Jesus uiteindelik gebore word. Miga 5:2; Hebr. 7:14. GS Isai.
2*a* Jes. 61:1–3.
3*a* Joh. 7:24.
4*a* Ps. 72:2–4; Mosia 29:12.
*b* GS Sagmoedig, Sagmoedigheid.
*c* HEB besluit.
5*a* OF middellyf.

hulle kleintjies sal saam neerlê;
en die leeu sal strooi eet soos
die os.
8 En die suigeling sal by die gat
van die [a]adder speel, en die ge-
speende kind sal sy hand plaas
op die nes van die giftige slang.
9 Hulle sal geen [a]kwaad doen of
vernietig in my hele heilige berg
nie, want die aarde sal vol wees
van die [b]kennis van die Here, soos
die waters die see oordek.
10 En in [a]dié dag sal daar ′n [b]af-
stammeling van Isai wees wat sal
staan as ′n vaandel van die volk;
die [c]nie-Jode sal [d]dit opsoek; en
sy rus sal heerlik wees.
11 En dit sal gebeur in dié dag,
dat die Here weer sy hand sal uit-
steek vir die [a]tweede keer om die
oorblyfsel van sy volk te versa-
mel wat sal oorbly, van Assur, en
van Egipte, en van Patros, en van
Kus, en van Elam, en van Sínear,
en van Hamat, en van die eilande
van die see.
12 En Hy sal ′n [a]vaandel ophef
vir die nasies, en sal die [b]uitge-
worpenes van Israel bymekaar-
bring, en die verstrooides van
Juda [c]versamel vanuit die vier
hoeke van die aarde.
13 Die [a]naywer van Efraim sal
ook ophou, en die teenstanders
van Juda sal afgesny word; [b]Ef-
raim sal [c]Juda nie beny nie, en
Juda sal Efraim nie kwel nie.
14 Maar hulle sal [a]vlieg op die
skouers van die Filistyne na die
weste; hulle sal diegene van die
ooste saam plunder; hulle sal
hulle hand lê op Edom en Moab;
en die kinders van Ammon sal
hulle gehoorsaam.
15 En die Here sal die tong van
die Egiptiese See geheel en al
[a]vernietig; en deur sy magtige
wind sal Hy sy hand skud oor
die rivier, en dit slaan in die sewe
strome, en mense droogvoets laat
deurgaan.
16 En daar sal ′n [a]hoofpad wees
vir die oorblyfsel van sy volk wat
sal agterbly, van Assur, soos dit
vir Israel was in die dag toe hy
opgetrek het uit Egipteland.

## HOOFSTUK 22

*In die millenniale dag sal alle mense die Here loof—Hy sal onder hulle woon—Vergelyk Jesaja 12. Ongeveer 559–545 v.C.*

En in dié dag sal jy sê: O Here,

8*a* ′n klein giftige slang van Egipte.
9*a* Jes. 2:4. GS Millennium.
*b* L&V 101:32–33; 130:9.
10*a* DI die laaste dae. JS—G 1:40.
*b* Rom. 15:12; L&V 113:5–6.
*c* L&V 45:9–10.
*d* OF na hom soek.
11*a* 2 Ne. 6:14; 25:17; 29:1.
12*a* GS Vaandel.
*b* 3 Ne. 15:15; 16:1–4.
*c* Neh. 1:9; 1 Ne. 22:10–12; L&V 45:24–25. GS Israel—Die versameling van Israel.
13*a* Jer. 3:18.
*b* Die stamme wat gelei is deur Juda en Efraim was geskiedkundig vyande (na die gebeure van 1 Kon. 12:16–20). In die laaste dae sal hierdie vyandskap beëindig word. Eség. 37:16–22. GS Afguns.
*c* GS Juda.
14*a* DI die westelike hange aanval wat Filistynse gebied was.
15*a* Sag. 10:11.
16*a* Jes. 35:8; L&V 133:27.

ek sal U loof; alhoewel U toornig
was op my, is u toorn afgewend,
en U vertroos my.
2 Kyk, God is my heil; ek sal
[a]vertrou, en nie bevrees wees nie;
want die Here [b]JEHOVA is my krag
en my lied; Hy het ook my heil
geword.
3 Daarom, met vreugde sal julle
[a]water skep uit die fonteine van
heil.
4 En in daardie dag sal julle sê:
[a]Loof die Here, roep sy Naam aan,
verklaar sy dade onder die volke,
vermeld dat sy Naam verhewe is.
5 [a]Sing tot die Here; want Hy het
uitstekende dinge gedoen; dit is
bekend op die hele aarde.
6 [a]Juig en jubel, julle inwoners
van Sion; want groot is die Heilige
Een van Israel in julle midde.

## HOOFSTUK 23

*Die vernietiging van Babilon is 'n voorafskaduwing van die vernietiging by die Tweede Koms—Dit sal 'n dag wees van toorn en wraak—Babilon (die wêreld) sal val vir ewig—Vergelyk Jesaja 13. Ongeveer 559–545 v.C.*

DIE [a]las van [b]Babilon wat Jesaja,
die seun van Amos, gesien het.
2 Hef op 'n [a]banier op die hoë
berg, verhef die stem na hulle,
[b]wink met die hand, dat hulle
mag ingaan deur die poorte van
die edeles.
3 Ek het my [a]geheiligdes gebied,
Ek het ook my magtiges geroep,
want my toorn is nie op hulle wat
jubel in my verhewenheid nie.
4 Die geraas van die menigtes
in die berge is soos van 'n groot
volk, 'n oproerige geraas van
die [a]koninkryke van nasies wat
[b]saamgebring is, die Here van die
Leërskare versamel die skares van
die stryd.
5 Hulle kom van 'n ver land, van
die einde van die hemel af, ja, die
Here, en die wapens van sy verontwaardiging
om die hele land
te verwoes.
6 Huil julle, want die dag van
die Here is op hande; dit kom as
'n vernietiging van die Almagtige.
7 Daarom sal alle hande slap
word, en elke mensehart sal
smelt.
8 En hulle sal verskrik wees;
krampe en verdriet sal hulle aangryp;
hulle sal verbaas wees die
een teenoor die ander; hulle gesigte
sal wees soos vlamme.
9 Kyk, die dag van die Here
kom, wreed, beide met toorn en

---

**22** 2*a* Mosia 4:6; Hel. 12:1.
*b* Ex. 15:2; Ps. 83:18. GS Jehova.
3*a* GS Lewende Water.
4*a* GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
5*a* L&V 136:28.
6*a* Jes. 54:1; Sef. 3:14.
**23** 1*a* DI 'n rampstyding.
*b* Die historiese vernietiging van Babilon wat in Jes. 13 en 14 voorspel is, word as voorbeeld gestel van die uiteindelike vernietiging van die goddelose wêreld. L&V 133:5, 7, 14. GS Babel, Babilon.
2*a* OF Vaandel. GS Vaandel.
*b* DI waai die hand, 'n sein gee.
3*a* DI Heiliges.
4*a* Sag. 14:2–3.
*b* Sag. 12:3.

heftige woede, om die aarde 'n woesteny te maak; en Hy sal die sondaars daarvan [a]vernietig.

10 Want die sterre van die hemel en die sterrebeelde daarvan sal nie hulle lig gee nie; die [a]son sal verduister wees by sy opgang, en die maan sal haar lig nie laat skyn nie.

11 En Ek sal die wêreld [a]straf vanweë boosheid, en die goddelose vanweë hulle ongeregtigheid; Ek sal die trots van die [b]hoogmoedige laat ophou, en die hoogmoed van die verskriklikes beëindig.

12 Ek sal 'n [a]mens kosbaarder maak as fyn goud; selfs 'n mens as die goue wig van Ofir.

13 Daarom, Ek sal die hemele skud, en die aarde sal [a]wyk uit haar plek, in die toorn van die Here van die Leërskare, en op die dag van sy heftige toorn.

14 En dit sal wees soos die gejaagde reebok, en soos 'n skaap wat niemand opneem nie, en hulle sal elkeen draai na sy eie volk, en elkeen vlug na sy eie land.

15 Elkeen wat hoogmoedig is, sal deurboor word; ja, en elkeen wat verbind is met die goddelose sal val deur die swaard.

16 Hulle kinders sal ook verpletter word voor hulle oë; hul huise sal geplunder en hul vroue onteer word.

17 Kyk, Ek sal die Mede aanhits teen hulle, wat silwer en goud nie sal ag nie, nóg sal hulle behae daarin hê.

18 Hulle boë sal ook die seuns in stukke breek; en hulle sal geen deernis hê vir die vrug van die moederskoot nie; hulle oë sal kinders nie spaar nie.

19 En Babilon, die heerlikste van koninkryke, die [a]skoonheid van die Chaldeërs se voortreflikheid, sal wees soos toe God [b]Sodom en Gomorra verdelg het.

20 Dit sal nooit weer [a]bewoon word nie, nóg sal dit bewoon word van geslag tot geslag: nóg sal die Arabier daar tent opslaan; nóg sal herders hulle vee daar laat rus.

21 Maar [a]wilde diere van die woestyn sal daar lê; en hulle huise sal vol droewige gediertes wees; en uile sal daar woon en [b]saters sal daar ronddans.

22 En die wilde diere van die eilande sal huil in hulle verlate [a]huise, en [b]drake in hul aangename paleise; en haar tyd is naby om te kom, en haar dag sal nie verleng word nie. Want Ek sal haar spoedig vernietig; ja, want Ek sal barmhartig wees teenoor my volk, maar die bose sal vergaan.

---

9 *a* GS Aarde—Reiniging van die aarde.
10 *a* GS Wêreld—Einde van die wêreld.
11 *a* Mal. 4:1.
*b* L&V 64:24.
12 *a* Jes. 4:1–4.
13 *a* GS Aarde—Finale toestand van die aarde.
19 *a* DI ydelheid.
*b* Gén. 19:24–25; Deut. 29:23; 2 Ne. 13:9.
20 *a* Jer. 50:3, 39–40.
21 *a* Jes. 34:14–15.
*b* HEB bokramme of demone.
22 *a* HEB paleise.
*b* HEB (moontlik) jakkalse of wilde honde.

## HOOFSTUK 24

*Israel sal versamel word en sal millenniale rus geniet—Lucifer is uitgewerp uit die hemel vanweë rebelsheid—Israel sal triomfeer oor Babilon (die wêreld)—Vergelyk Jesaja 14. Ongeveer 559–545 v.C.*

WANT die Here sal Hom ontferm oor Jakob, en sal Israel nog [a]kies en hulle plaas in hul eie land; en die [b]vreemdelinge sal by hulle aansluit, en hulle sal verenig word met die huis van Jakob.

2 [a]En die mense sal hulle neem en bring na hulle plek; ja, van ver tot die eindes van die aarde; en hulle sal terugkeer na hul [b]lande van belofte. En die huis van Israel sal hulle besit, en die land van die Here sal wees vir [c]diensknegte en diensmaagde; en hulle sal hul gevange neem wat hulle gevangene gehou het; en hulle sal heers oor hulle verdrukkers.

3 En dit sal gebeur in daardie dag dat die Here jou rus [a]sal gee, van jou smart, en van jou vrees, en van die harde slawerny waarin jy gedwing was om te dien.

4 En dit sal gebeur in dié dag, dat jy hierdie spreuk sal aanhef teen die koning van [a]Babilon, en sê: Hoe het die verdrukker opgehou, die goue stad opgehou!

5 Die Here het die staf verbreek van die goddelose, die septers van die heersers.

6 Hy wat die volke geslaan het in toorn met 'n aanhoudende slag, hy wat geheers het oor die nasies in toorn, word vervolg en niemand verhinder nie.

7 Die hele aarde rus, en is stil; hulle breek uit in [a]gesang.

8 Ja, die [a]dennebome is verheug oor jou, en ook die seders van Libanon, en sê: Vandat jy daar [b]neergelê is, het geen [c]houtkapper teen ons opgekom nie.

9 Die [a]hel van benede is in beroering oor jou, om jou te ontmoet by jou koms; dit wek die [b]dooies op vir jou, en wel al die heersers van die aarde; dit het al die konings van die nasies van hulle trone laat opstaan.

10 Hulle almal sal spreek en vir jou sê: Het jy ook swak geword soos ons? Het jy soos ons geword?

11 Jou praal is neergebring na die graf, die geruis van jou viole word nie gehoor nie; die wurm is gesprei onder jou, en die wurms bedek jou.

12 [a]Hoe het jy geval van die hemel, o [b]Lucifer, seun van die daeraad! Is jy afgesny tot die grond, wat die nasies verswak het!

**24** 1*a* Sag. 1:17.
*b* Jes. 60:3–5, 10.
2*a* DI Ander lande sal Israel help.
*b* GS Beloofde Land.
*c* Jes. 60:14.
3*a* Jos. 1:13; L&V 84:24.
4*a* GS Babel, Babilon.
7*a* Jes. 55:12.
8*a* HEB sipres.
*b* DI in die dood.
*c* HEB die houtkapper het nie teen ons gekom nie.
9*a* GS Hel.
*b* DI geeste sonder liggame.
12*a* L&V 76:26.
*b* HEB oggendster, seun van die daeraad. Daar word van die heerser van die goddelose wêreld (Babilon) gepraat as Lucifer, die heerser oor alle goddeloosheid. GS Duiwel; Lucifer.

13 Want jy het gesê in jou hart:
[a]Ek sal opgaan na die hemel, ek
sal my troon verhef bo die sterre
van God; ek sal ook sit op die berg
van samekoms, in die kante van
die [b]noorde;
14 Ek sal opgaan bo die hoogtes
van die wolke; ek sal wees soos
die Allerhoogste.
15 Tog sal jy afgebring word
na die hel, na die kante van die
[a]kuil.
16 Hulle wat jou sien, sal jou
[a]noulettend aanskou, en sal jou
in ag neem, en sal sê: Is dit die
man wat die aarde laat bewe het,
wat koninkryke geskud het?
17 En die wêreld soos ′n wil-
dernis gemaak het, en die stede
daarvan verwoes het, en nie die
huis van sy gevangenes oopge-
sluit het nie?
18 Al die konings van die nasies,
ja, almal van hulle, lê in eer, elk-
een van hulle in [a]sy eie huis.
19 Maar jy is uitgewerp, uit jou
graf, soos ′n [a]gruwelike tak, en
die oorblyfsel van dié wat gedood
is, deurboor met ′n swaard, wat
neerdaal na die [b]klippe van die
kuil; soos ′n karkas vertrap on-
der voete.
20 Jy sal nie verenig word met
hulle in die graf nie, want jy het
jou land verwoes, en jou volk ge-
dood; die [a]saad van [b]boosdoeners
sal nooit geëer word nie.
21 Maak ′n slagting gereed vir
sy kinders, vanweë die [a]onge-
regtighede van hulle vaders, dat
hulle nie opstaan, nóg die land
besit, nóg die aangesig van die
wêreld met stede vul.
22 Want Ek sal opstaan teen
hulle, spreek die Here van die
Leërskare, en die [a]naam van Ba-
bilon afsny, en die oorblyfsel, en
seun, en [b]neef, sê die Here.
23 Ek sal dit ook ′n [a]besitting
maak vir die roerdomp, en poele
van water; en Ek sal dit wegvee
met die besem van vernietiging,
spreek die Here van die Leër-
skare.
24 Die Here van die Leërskare
het gesweer, en gesê: Waarlik,
soos Ek gedink het, so sal dit ge-
beur; en soos Ek beplan het, so sal
dit staan—
25 Dat Ek die [a]Assiriër in my
land sal bring, en op [b]my berge
hom vertrap onder my voet; dan
sal sy [c]juk van hulle weggaan, en
sy las weggaan vanaf hulle skou-
ers.
26 [a]Dit is die bedoeling wat

13*a* Moses 4:1–4.
*b* DI die woonplek van die gode volgens die Babiloniese geloof. Ps. 48:3.
15*a* 1 Ne. 14:3.
16*a* HEB skeel kyk na jou en oor jou nadink.
18*a* DI in sy familie se grafkelder.
19*a* DI ′n tak wat verwerp is, afgesnoei en weggegooi.
*b* DI heel onder.
20*a* Ps. 21:10–11; 37:28.
*b* GS Boos, Boosheid.
21*a* Ex. 20:5.
22*a* Spr. 10:7.
*b* Job 18:19.
23*a* Jes. 34:11–15.
25*a* Die onderwerp verskuif na Assirië se aanval op en ondergang in Juda, 701 v.C. (verse 24–27). 2 Kon. 19:32–37; Jes. 37:33–38.
*b* DI die berge van Juda en Israel.
*c* Jes. 10:27.
26*a* DI Uiteindelik sal alle wêreldse nasies omvergewerp word.

bedoel is oor die hele aarde; en dit is die hand wat uitgestrek is oor alle nasies.

27 Want die Here van die Leërskare het beplan, en wie sal verydel? En sy hand is uitgestrek, en wie sal dit terugdraai?

28 In die [a]jaar wat koning [b]Agas oorlede is, is hierdie uitspraak gemaak.

29 Verbly jou nie, ganse Palestina, want die roede van hom wat jou geslaan het, is gebreek; want uit die slang se wortel sal 'n giftige slang voortkom, en sy vrug sal 'n vurige vlieënde slang wees.

30 En die eersgeborenes van die armes sal wei, en die behoeftiges sal neerlê in veiligheid; en Ek sal jou wortel doodmaak deur hongersnood, en hy sal jou oorblyfsel dood.

31 Huil, o poort; skreeu, o stad; jy, ganse Palestina, is versmelt want daar sal uit die noorde 'n rook kom, en niemand sal alleen wees in sy bestemde tye nie.

32 Wat sal dan die boodskappers van die nasies antwoord? Dat die Here [a]Sion gegrondves het, en dat die [b]armes van sy volk [c]vertroue daarin sal hê.

## HOOFSTUK 25

*Nefi verbly hom in duidelikheid—Jesaja se profesieë sal verstaan word in die laaste dae—Die Jode sal terugkeer van Babilon, die Messias kruisig, en verstrooi en gegésel word—Hulle sal herstel word wanneer hulle in die Messias glo—Hy sal eers seshonderd jaar nadat Lehi Jerusalem verlaat het, kom—die Nefiete onderhou die wet van Moses en glo in Christus, wat die Heilige Een van Israel is. Ongeveer 559–545 v.C.*

NOU ek, Nefi, spreek ietwat aangaande die woorde wat ek geskryf het, wat gespreek is by monde van Jesaja. Want kyk, Jesaja het baie dinge gespreek wat [a]moeilik was vir baie van my volk om te verstaan; want hulle weet nie aangaande die wyse van profeteer onder die Jode nie.

2 Want ek, Nefi, het hulle nie baie dinge geleer aangaande die wyse van die Jode nie; want hulle [a]werke was werke van duisternis, en hulle dade was dade van gruwels.

3 Daarom, ek skryf aan my volk, aan al diegene wat hierna hierdie dinge sal ontvang wat ek skrywe, dat hulle die oordele van God mag ken, dat hulle neerkom op alle nasies, volgens die woord wat Hy gespreek het.

4 Daarom, slaan ag, o my volk, wat van die huis van Israel is, en neig jou oor tot my woorde; want hoewel die woorde van Jesaja nie

---

28*a* DI Ongeveer 720 v.C. is hierdie las of ramptyding voorspel ten opsigte van die Filistyne terwyl Juda veilig sou wees.
*b* 2 Kon. 16:20.
32*a* GS Sion.
*b* Sef. 3:12.
*c* OF skuilplek daarin soek.
**25** 1*a* 2 Ne. 25:5–6.
2*a* 2 Kon. 17:13–20.

duidelik is vir julle nie, desnieteenstaande is hulle duidelik vir al diegene wat gevul is met die [a]gees van [b]profesie. Maar ek gee vir julle ʼn profesie, volgens die gees wat in my is; daarom sal ek profeteer volgens die [c]duidelikheid wat met my was vanaf die tyd dat ek uit Jerusalem gekom het met my vader; want kyk, my siel verbly hom in duidelikheid vir my volk, sodat hulle mag leer.

5 Ja, en my siel verbly hom in die woorde van [a]Jesaja, want ek het uit Jerusalem gekom, en my oë het die dinge van die Jode gesien, en ek weet dat die [b]Jode wel die dinge van die profete verstaan, en daar is geen ander volk wat die dinge verstaan wat met die Jode gespreek is, soos hulle nie, behalwe as dit is dat hulle geleer word volgens die wyse van die dinge van die Jode.

6 Maar kyk, ek, Nefi, het nie my kinders geleer volgens die wyse van die Jode nie; maar kyk, ek het in Jerusalem gewoon, daarom weet ek aangaande die streke rondom; en ek het melding gemaak aan my kinders aangaande die oordele van God, wat [a]gebeur het onder die Jode, aan my kinders, volgens alles wat Jesaja gespreek het, en ek skryf dit nie neer nie.

7 Maar kyk, ek gaan voort met my eie profesie, volgens my [a]duidelikheid; waarin ek weet dat geen mens kan dwaal nie; desnieteenstaande, in die dae dat die profesieë van Jesaja vervul sal word, sal mense die tye wanneer hulle sal geskied vir seker weet.

8 Daarom, hulle is van [a]waarde vir die kinders van mense, en hy wat veronderstel dat hulle nie is nie, met hulle wil ek in besonder spreek, en die woorde tot my [b]eie volk beperk; want ek weet dat hulle van groot waarde sal wees vir hulle in die [c]laaste dae; want in daardie dag sal hulle dit verstaan; daarom, vir hulle eie beswil het ek dit geskrywe.

9 En soos een geslag [a]vernietig is onder die Jode vanweë ongeregtigheid, net so is hulle vernietig van geslag tot geslag volgens hulle ongeregtighede; en nooit is enigeen van hulle [b]vernietig nie behalwe dat dit vir hulle voorspel was deur die profete van die Here.

10 Daarom, dit is so aan hulle meegedeel aangaande die vernietiging wat oor hulle sou kom, onmiddellik nadat my vader Jerusalem verlaat het; desnieteenstaande, hulle het hul harte verhard; en volgens my profesie

4*a* GS Heilige Gees.
*b* GS Profesie, Profeteer.
*c* 2 Ne. 31:3; 33:5–6; Jakob 4:13.
5*a* 1 Ne. 19:23; 3 Ne. 23:1.
*b* GS Jode.
6*a* 2 Ne. 6:8; Hel. 8:20–21.
7*a* 2 Ne. 32:7; Alma 13:23.
8*a* GS Skrifture—Waarde van die skrifture.
*b* Enos 1:13–16; Morm. 5:12–15; L&V 3:16–20.
*c* GS Laaste Dae.
9*a* Jer. 39:4–10; Matt. 23:37–38.
*b* Amos 3:7; 1 Ne. 1:13.

is hulle [a]vernietig, behalwe vir
diegene wat gevange [b]weggevoer
is na Babilon.
11 En nou, dit spreek ek vanweë
die gees wat in my is. En hoewel
hulle weggevoer is, sal hulle weer
terugkeer, en die land Jerusalem
besit; daarom, hulle sal weer [a]her-
stel word tot die land van hul er-
fenis.
12 Maar, kyk, hulle sal oorloë hê,
en gerugte van oorloë; en wanneer
die dag kom dat die [a]Eniggebo-
rene van die Vader, ja, en wel die
Vader van hemel en aarde, Hom
sal openbaar aan hulle in die vlees,
kyk, hulle sal Hom verwerp, van-
weë hulle ongeregtighede, en die
hardheid van hulle harte, en die
styfheid van hulle nekke.
13 Kyk, hulle sal Hom [a]krui-
sig; en nadat Hy in ʼn [b]grafkel-
der weggelê is vir die tydperk van
[c]drie dae, sal Hy [d]opstaan uit die
dood, met genesing in sy vleuels;
en almal wat sal glo in sy Naam,
sal gered wees in die koninkryk
van God. Daarom, my siel ver-
bly hom om te profeteer aan-
gaande Hom, want ek het sy dag
[e]gesien, en my hart verhef sy hei-
lige Naam.
14 En kyk, dit sal gebeur dat
nadat die [a]Messias uit die dood
opgestaan het, en Homself ge-
openbaar het aan sy volk, aan so-
veel as wat sal glo in sy Naam,
kyk, Jerusalem sal weer [b]vernie-
tig word; want wee hulle wat stry
teen God en die volk van sy kerk.
15 Daarom, die [a]Jode sal [b]ver-
strooi word onder alle nasies;
ja, en ook [c]Babilon sal vernietig
word; daarom, die Jode sal ver-
strooi word deur ander nasies.
16 En nadat hulle verstrooi is,
en die Here God hulle gegésel het
deur ander nasies vir ʼn tydperk
van baie geslagte, ja, en wel van
geslag tot geslag totdat hulle oor-
reed sal word om te glo in Chris-
tus, die Seun van God, en die
versoening, wat eindeloos is vir
die hele mensdom—en wanneer
daardie dag sal kom dat hulle sal
[a]glo in Christus, en die Vader aan-
bid in sy Naam, met rein harte en
skoon hande, en nie langer voor-
uitsien na ʼn ander Messias nie,
dan, in daardie tyd, sal die dag
kom wanneer dit noodsaaklik sal
wees dat hulle hierdie dinge sal
glo.
17 En die Here sal weer sy hand
ʼn tweede keer uitstrek om sy volk
te [a]red uit hulle verlore en gevalle
toestand. Daarom, Hy sal voort-
gaan om ʼn [b]wonderlike werk en

10 *a* 1 Ne. 7:13; 2 Ne. 6:8; Omni 1:15; Hel. 8:20–21.
*b* 2 Kon. 24:14; Jer. 52:3–16.
11 *a* Esra 1:1–4; Jer. 24:5–7.
12 *a* GS Eniggeborene.
13 *a* Lk. 23:33.
*b* Joh. 19:41–42; 1 Ne. 19:10.
*c* Lk. 24:6–7; Mosia 3:10.
*d* GS Opstanding.
*e* 1 Ne. 11:13–34.
14 *a* GS Messias.
*b* Lk. 21:24; JS—M 1:1–18.
15 *a* GS Jode.
*b* Neh. 1:8–9; 2 Ne. 10:6.
*c* GS Babel, Babilon.
16 *a* 2 Ne. 10:6–9; 30:7; Morm. 5:14.
17 *a* 2 Ne. 21:11–12; 29:1. GS Herstelling van die Evangelie.
*b* Jes. 29:14; 2 Ne. 27:26; 3 Ne. 28:31–33.

ʼn wonder te doen onder die kinders van mense.

18 Daarom, Hy sal sy [a]woorde openbaar aan hulle, welke woorde hulle sal [b]oordeel op die laaste dag, want hulle sal dit gegee word vir die doel om hulle te [c]oortuig van die ware Messias, wat verwerp is deur hulle; en ter oortuiging van hulle dat hulle nie langer vooruit hoef te sien na ʼn Messias wat moet kom nie, want daar sal nie een kom nie, tensy dit ʼn [d]valse Messias is wat die volk sou bedrieg; want daar is slegs een Messias van wie die profete gespreek het, en daardie Messias is Hy wat verwerp sou word deur die Jode.

19 Want volgens die woorde van die profete, kom die [a]Messias binne [b]seshonderd jaar vanaf die tyd dat my vader Jerusalem verlaat het; en volgens die woorde van die profete, en ook die woord van die [c]engel van God, sal sy Naam Jesus Christus wees, die Seun van God.

20 En nou, my broers, ek het duidelik gespreek sodat julle nie kan dwaal nie. En soos die Here God leef wat Israel [a]uitgebring het uit die land Egipte, en aan Moses mag gegee het dat hy die nasies sou [b]genees nadat hulle gebyt is deur die giftige slange, as hulle hul oë sou opslaan na die [c]slang wat hy opgerig het voor hulle, en ook aan hom die mag gegee het dat hy die [d]rots sou slaan en die water sou uitkom; ja, kyk ek sê vir julle, dat soos hierdie dinge waar is, en soos die Here God leef, daar is geen ander [e]Naam gegee onder die hemel behalwe hierdie Jesus Christus, van wie ek gespreek het, waardeur ʼn mens gered kan word nie.

21 Daarom, om hierdie rede het die Here God my belowe dat hierdie dinge wat ek [a]skrywe, behou en bewaar sal word, en oorgegee word aan my saad, van geslag tot geslag, sodat die belofte vervul mag word aan Josef, dat sy saad nooit sal [b]vergaan solank as die aarde staan nie.

22 Daarom, hierdie dinge sal oorgaan van geslag tot geslag solank as die aarde sal staan; en hulle sal oorgaan volgens die wil en behae van God; en die nasies wat hulle sal besit, sal [a]geoordeel word deur die woorde wat geskrywe is.

23 Want ons arbei ywerig om te

---

18*a* 2 Ne. 29:11–12; 33:11, 14–15.
*b* GS Oordeel, Die Laaste.
*c* 2 Ne. 26:12–13.
*d* GS Antichris.
19*a* GS Jesus Christus—Profesieë aangaande die geboorte en dood van Jesus Christus.
*b* 1 Ne. 10:4; 3 Ne. 1:1, 13.
*c* 2 Ne. 10:3.
20*a* Ex. 3:7–10; 1 Ne. 17:24, 31; 19:10.
*b* Joh. 3:14; 1 Ne. 17:41.
*c* Núm. 21:8–9; Alma 33:19; Hel. 8:14–15.
*d* Ex. 17:6; Núm. 20:11; 1 Ne. 17:29; 20:21.
*e* Hos. 13:4; Hand. 4:10–12; Mosia 5:8; Moses 6:52. GS Saligmaker.
21*a* 2 Ne. 27:6–14.
*b* Amos 5:15; 2 Ne. 3:16; Alma 46:24–27.
22*a* 2 Ne. 29:11; 33:10–15; 3 Ne. 27:23–27.

skryf, om ons kinders te [a]oorreed, en ook ons broers, om in Christus te glo, en om met God versoen te word; want ons weet dat dit deur [b]genade is dat ons gered is, na alles wat ons kan [c]doen.

24 En, hoewel ons in Christus glo, [a]onderhou ons die wet van Moses, en sien standvastig uit na Christus, totdat die wet vervul sal word.

25 Want, om hierdie rede is die [a]wet gegee; daarom het die wet [b]dood geword vir ons, en ons word lewend gemaak in Christus vanweë ons geloof; tog onderhou ons die wet vanweë die gebooie.

26 En ons [a]spreek van Christus, ons verbly ons in Christus, ons preek van Christus, ons [b]profeteer van Christus, en ons skryf volgens ons profesieë, sodat ons [c]kinders mag weet na watter bron hulle mag kyk vir ′n [d]vergifnis van hulle sondes.

27 Daarom, ons spreek aangaande die wet dat ons kinders mag weet van die doodsheid van die wet; en hulle, deur die doodsheid van die wet te ken, mag vooruitsien na daardie lewe wat in Christus is, en weet vir watter rede die wet gegee is. En nadat die wet vervul is in Christus, dat hulle nie hulle harte hoef te verhard teen Hom wanneer die wet weggedoen behoort te word nie.

28 En nou, kyk, my volk, julle is ′n [a]hardnekkige volk; daarom, ek het duidelik met julle gespreek, sodat julle nie kan misverstaan nie. En die woorde wat ek gespreek het, sal staan as ′n [b]getuienis teen julle; want hulle is voldoende om enige mens die regte weg te [c]leer; want die regte weg is om in Christus te glo en Hom nie te verloën nie; want deur Hom te verloën, verloën julle ook die profete en die wet.

29 En nou, kyk, ek sê vir julle dat die regte weg is om in Christus te glo, en Hom nie te verloën nie; en Christus is die Heilige Een van Israel; daarom, julle moet neerbuig voor Hom en Hom aanbid met al julle [a]mag, verstand en krag, en julle hele siel; en as julle dit doen, sal julle geensins uitgewerp word nie.

30 En, in soverre dit noodsaaklik sal wees, moet julle die handelinge en [a]ordinansies van God onderhou totdat die wet vervul sal word wat aan Moses gegee is.

## HOOFSTUK 26

*Christus sal die Nefiete dien—Nefi sien die vernietiging van sy*

23*a* GS Kind, Kinders.
*b* Rom. 3:23–24; 2 Ne. 2:4–10; Mosia 13:32; Alma 42:12–16; L&V 138:4. GS Genade.
*c* Jak. 2:14–26. GS Werke.
24*a* Jakob 4:4–5.
25*a* GS Wet van Moses.
*b* Rom. 7:4–6.
26*a* Jakob 4:12; Jarom 1:11; Mosia 3:13.
*b* Lk. 10:23–24.
*c* GS Kind, Kinders.
*d* GS Vergifnis van Sondes.
28*a* Mosia 3:14.
*b* GS Getuienis.
*c* 2 Ne. 33:10.
29*a* Deut. 6:5; Mark. 12:29–31.
30*a* GS Ordinansies.

*volk—Hulle sal spreek uit die stof—Die nie-Jode sal valse kerke en geheime organisasies opbou—Die Here verbied die mens om priesterlis te beoefen. Ongeveer 559–545 v.C.*

EN nadat Christus [a]opgestaan het uit die dood, sal Hy Hom [b]toon aan julle, my kinders en my geliefde broers; en die woorde wat Hy met julle sal spreek, sal die [c]wet wees wat julle sal onderhou.

2 Want kyk, ek sê vir julle dat ek gesien het dat baie geslagte sal verbygaan, en daar sal groot oorloë en twiste wees onder my volk.

3 En nadat die Messias sal kom, sal daar [a]tekens gegee word aan my volk van sy [b]geboorte, en ook van sy dood en opstanding; en groot en vreeslik sal daardie dag wees vir die bose, want hulle sal vergaan; en hulle vergaan, omdat hulle die profete uitwerp, en die heiliges, en hulle stenig, en hulle doodmaak; daarom, die geroep van die [c]bloed van die heiliges sal opstyg tot God uit die grond teen hulle.

4 Daarom, al diegene wat hoogmoedig is, en wat boos handel, die dag wat kom sal hulle [a]verbrand, sê die Here van die Leërskare, want hulle sal wees soos stoppels.

5 En hulle wat die profete doodmaak, en die heiliges, die dieptes van die aarde sal hulle [a]insluk, sê die Here van die Leërskare; en [b]berge sal hulle bedek, en warrelwinde sal hulle wegvoer, en geboue sal op hulle val en hulle stukkend druk en hulle tot poeier maal.

6 En hulle sal besoek word met donderslae, en blitse, en aardbewings, en allerhande wyse van vernietiging, want die vuur van die toorn van die Here sal aangesteek word teen hulle, en hulle sal soos stoppels wees, en die dag wat kom sal hulle verteer, sê die Here van die Leërskare.

7 O die pyn, en die smart van my siel oor die verlies van die gestorwenes van my volk! Want ek, Nefi, het dit gesien, en dit verteer my byna voor die teenwoordigheid van die Here; maar ek moet roep tot my God: U weë is [a]regverdig.

8 Maar kyk, die regverdiges wat ag slaan op die woorde van die profete, en hulle nie vernietig nie, maar uitsien na Christus met standvastigheid vir die tekens wat gegee is, ondanks alle [a]vervolging—kyk, dit is hulle wat nie sal [b]vergaan nie.

9 Maar die Seun van Regverdigheid sal [a]verskyn aan hulle; en Hy sal hulle [b]genees, en hulle

**26** 1*a* 3 Ne. 11:1–12.
*b* 1 Ne. 11:7; 12:6.
*c* 3 Ne. 15:2–10.
3*a* 1 Ne. 12:4–6. GS Teken.
*b* GS Jesus Christus—Profesieë aangaande die geboorte en dood van Jesus Christus.
*c* Gén. 4:10; 2 Ne. 28:10; Morm. 8:27.
4*a* 3 Ne. 8:14–24; 9:3, 9.
5*a* 1 Ne. 19:11; 3 Ne. 10:14.
*b* 3 Ne. 8:10; 9:5–8.
7*a* GS Geregtigheid.
8*a* GS Vervolg, Vervolging.
*b* 3 Ne. 10:12–13.
9*a* 3 Ne. 11:8–15.
*b* 3 Ne. 17:7–9.

sal [c]vrede hê saam met Hom, totdat [d]drie geslagte sal verbygegaan het, en baie van die [e]vierde geslag sal verbygegaan het in regverdigheid.

10 En wanneer hierdie dinge verbygegaan het, kom ′n spoedige [a]vernietiging oor my volk; want, ondanks die pyne van my siel, het ek dit gesien; daarom, ek weet dat dit sal geskied; en hulle verkoop hulself vir niks; want, as die beloning van hulle hoogmoed en dwaasheid sal hulle vernietiging oes; want omdat hulle toegee aan die duiwel en werke van die duisternis verkies eerder as die lig, daarom moet hulle afgaan na die [b]hel.

11 Want die Gees van die Here sal nie altyd met die mens [a]werk nie. En wanneer die Gees ophou om met die mens te werk, dan kom spoedige vernietiging, en dit bedroef my siel.

12 En soos ek gespreek het aangaande die [a]oortuiging van die [b]Jode, dat Jesus die [c]waaragtige Christus is, moet dit noodwendig so wees dat die nie-Jode ook oortuig word dat Jesus die Christus is, die Ewige God;

13 En dat Hy Hom openbaar aan al diegene wat in Hom glo, deur die krag van die [a]Heilige Gees; ja, aan elke nasie, stam, taal en volk, terwyl Hy magtige wonderwerke, tekens, en wonders verrig onder die kinders van mense volgens hulle geloof.

14 Maar kyk, ek profeteer aan julle aangaande die [a]laaste dae; aangaande die dae wanneer die Here God hierdie dinge sal [b]voortbring aan die kinders van mense.

15 Nadat my saad en die saad van my broers in ongeloof sal kwyn, en deur die nie-Jode verslaan sal wees; ja, nadat die Here God teen hulle laer sal opslaan rondom hulle; en hulle sal beleër met ′n verskansing, en vestings teen hulle oprig; en nadat hulle tot laag in die stof verneder sal wees, totdat hulle nie bestaan nie, tog sal die woorde van die regverdiges geskrywe word, en die gebede van die gelowiges sal verhoor word, en al diegene wat in ongeloof gekwyn het, sal nie vergeet word nie.

16 Want hulle wat vernietig sal word, sal [a]spreek tot hulle uit die grond, en hulle spraak sal laag wees uit die stof, en hulle stem sal wees soos dié van ′n geestesbesweerder; want die Here God sal aan hom krag gee, dat hy mag fluister aangaande hulle, asof uit die grond; en hulle spraak sal fluister uit die stof.

9 *c* 4 Ne. 1:1–4.
*d* 1 Ne. 12:11–12; 3 Ne. 27:30–32.
*e* Alma 45:10–12; Hel. 13:9–10.
10 *a* Alma 45:9–14; Morm. 8:1–9.
*b* GS Hel.
11 *a* Ether 2:15.
12 *a* 2 Ne. 25:18.
*b* 2 Ne. 30:7; Morm. 5:14. GS Jode.
*c* Morm. 3:21.
13 *a* GS Heilige Gees.
14 *a* GS Laaste Dae.
*b* GS Herstelling van die Evangelie.
16 *a* Jes. 29:4; Moro. 10:27; Moses 7:62. GS Boek van Mormon.

17 Want so sê die Here God:
Hulle sal die dinge [a]skryf wat on-
der hulle gedoen sal word, en dit
sal geskryf word en verseël word
in ′n boek, en diegene wat in on-
geloof gekwyn het, sal hulle nie
hê nie, want hulle [b]soek om die
dinge van God te vernietig.
18 Daarom, soos diegene wat
vernietig is, spoedig vernietig is;
en die skare van hulle verskrikli-
kes sal wees soos [a]kaf wat weg-
waai—ja, so sê die Here God: dit
sal in ′n oomblik wees, skielik—
19 En dit sal gebeur dat diegene
wat in ongeloof gekwyn het, [a]ge-
slaan sal word deur die hand van
die nie-Jode.
20 En die nie-Jode word ver-
hef in die [a]hoogmoed van hulle
oë, en het [b]gestruikel, vanweë
die grootheid van hulle [c]struikel-
blok, deurdat hulle baie [d]kerke
gestig het; nogtans, hulle het die
krag en wonderwerke van God
geminag, en preek aan hulleself
hul eie wysheid en hul eie [e]ge-
leerdheid, sodat hulle voordeel
kan trek en die aangesigte van die
armes [f]maal.
21 En daar is baie kerke opge-
rig wat [a]naywering veroorsaak,
en onenighede, en kwaadwillig-
heid.
22 En daar is ook [a]geheime orga-
nisasies, net soos in die dae van
die voortyd, volgens die organi-
sasies van die duiwel, want hy is
die stigter van al hierdie dinge; ja,
die stigter van moord, en werke
van duisternis; ja, en hy lei hulle
aan die nek met ′n vlastou, totdat
hy hulle bind met sy sterk toue
vir ewig.
23 Want kyk, my geliefde broers,
ek sê vir julle dat die Here God
nie werk in duisternis nie.
24 Hy doen niks tensy dit tot die
voordeel van die wêreld is nie;
want Hy het die wêreld [a]lief, so-
dat Hy selfs sy eie lewe neerlê so-
dat Hy [b]alle mense na Hom kan
trek. Daarom, Hy gebied niemand
dat hulle nie sal deel hê aan sy
heil nie.
25 Kyk, roep Hy tot enig-
iemand, en sê: Gaan weg van
My? Kyk, ek sê vir julle, Nee;
maar Hy sê: [a]Kom na My al julle
eindes van die aarde, [b]koop melk
en heuning, sonder geld en son-
der prys.
26 Kyk, het Hy enigiemand ge-
bied dat hulle moes weggaan uit
die sinagoges, of uit die huise van
aanbidding? Kyk, ek sê vir julle,
Nee.
27 Het Hy enigiemand gebied
dat hulle nie moet deel hê aan
sy [a]heil nie? Kyk, ek sê vir julle,
Nee; maar Hy het dit [b]verniet ge-
gee aan alle mense; en Hy het sy

17 *a* 2 Ne. 29:12.
*b* Enos 1:14.
18 *a* Morm. 5:16–18.
19 *a* 3 Ne. 16:8–9; 20:27–28.
20 *a* GS Hoogmoed.
*b* 1 Ne. 13:29, 34. GS Afval.
*c* Eség. 14:4.
*d* 1 Ne. 14:10; 22:23; Morm. 8:28.
*e* 2 Ne. 9:28; Morm. 9:7–8.
*f* Jes. 3:15; 2 Ne. 13:15.
21 *a* GS Afguns.
22 *a* GS Geheime Organisasies.
24 *a* Joh. 3:16.
*b* 3 Ne. 27:14–15.
25 *a* Alma 5:33–35; 3 Ne. 9:13–14.
*b* Jes. 55:1–2.
27 *a* GS Heil.
*b* Efés. 2:8; 2 Ne. 25:23.

volk gebied dat hulle alle mense
moes oorreed tot [c]bekering.
28 Kyk, het die Here enig-
iemand gebied dat hulle nie moes
deel hê aan sy goedheid nie? Kyk,
ek sê vir julle, Nee; maar [a]alle
mense is bevoorreg, die een soos
die ander, en niemand word ver-
bied nie.
29 Hy gebied dat daar geen
[a]priesterliste sal wees nie; want
kyk, priesterliste is dat mense
preek en hulleself oprig as ′n lig
vir die wêreld, sodat hulle voor-
deel kan trek en die [b]lof van die
wêreld kry; maar hulle soek nie
die welsyn van Sion nie.
30 Kyk, die Here het hierdie
ding verbied; daarom, die Here
God het ′n gebod gegee dat alle
mense [a]naasteliefde moet hê,
welke naasteliefde die [b]liefde is.
En tensy hulle naasteliefde sou
hê, is hulle niks nie. Daarom, as
hulle naasteliefde sou hê, sou
hulle nie toelaat dat die arbeider
in Sion vergaan nie.
31 Maar die arbeider in [a]Sion sal
vir Sion arbei; want as hulle arbei
vir [b]geld, sal hulle vergaan.
32 En verder, die Here God het
[a]gebied dat mense nie moet moor
nie; dat hulle nie moet lieg nie;
dat hulle nie moet steel nie; dat
hulle nie die Naam van die Here
hulle God [b]ydellik moet gebruik
nie; dat hulle nie moet begeer
nie; dat hulle nie kwaadwillig-
heid moet hê nie; dat hulle nie
die een met die ander moet stry
nie; dat hulle nie hoererye moet
pleeg nie; en dat hulle geen van
hierdie dinge sou doen nie; want
wie dit doen, sal vergaan.
33 Want geen van hierdie on-
geregtighede kom van die Here
nie; want Hy doen dit wat goed
is onder die kinders van mense;
en Hy doen niks tensy dit duide-
lik is vir die kinders van mense
nie; en Hy nooi hulle almal om
na Hom te kom en deel te hê aan
sy goedheid; en Hy [a]wys niemand
weg wat na Hom kom nie, swart
en wit, slaaf en vryman, man en
vrou; en Hy onthou die [b]heiden;
en [c]almal is gelyk voor God, beide
Jood en nie-Jood.

## HOOFSTUK 27

*Duisternis en afvalligheid sal die aarde bedek in die laaste dae—Die Boek van Mormon sal te voorskyn kom—Drie getuies sal getuig van die boek—Die geleerde man sal sê hy kan nie die verseëlde boek lees nie—Die Here sal ′n wonderlike werk en ′n wonder doen—Vergelyk Jesaja 29. Ongeveer 559–545 v.C.*

1 Maar kyk, in die [a]laaste dae, of
in die dae van die nie-Jode—ja,
kyk al die nasies van die nie-Jode
en ook die Jode, beide hulle wat

27 *c* GS Bekeer, Bekering.
28 *a* Rom. 2:11; 1 Ne. 17:33–35.
29 *a* GS Priesterlis.
*b* L&V 121:34–37.
30 *a* Moro. 7:47–48. GS Naasteliefde.
*b* GS Liefde.
31 *a* GS Sion.
*b* Jakob 2:17–19; L&V 11:7; 38:39.
32 *a* GS Gebooie van God.
*b* GS Oneerbiedigheid.
33 *a* Hand. 10:9–35, 44–45.
*b* Alma 26:37.
*c* Rom. 2:11; 1 Ne. 17:35.
**27** 1 *a* GS Laaste Dae.

in hierdie land sal kom, en ook hulle wat in ander lande sal wees, ja, en wel op al die lande van die aarde, kyk, hulle sal dronk wees met ongeregtigheid en allerhande gruwels—

2 En wanneer daardie dag sal kom, sal hulle besoek word deur die Here van die Leërskare, met donderweer, en met aardbewing, en met ʼn groot geraas, en met storm, en met stormwind, en met die [a]vlam van verterende vuur.

3 En al die [a]nasies wat [b]stry teen Sion, en wat haar beangs maak, sal soos ʼn droom van ʼn nagvisioen wees; ja, dit sal vir hulle wees, en wel soos vir ʼn honger man wat droom, en kyk hy eet, maar hy word wakker en sy siel is leeg; of soos ʼn dorstige man wat droom, en kyk hy drink, maar hy word wakker en kyk hy is uitgeput, en sy siel versmag; ja, net so sal die skares van al die nasies wees wat stry teen Berg Sion.

4 Want kyk, julle almal wat ongeregtigheid doen, staan stil en wonder, want julle sal uitroep en skree; ja, julle sal dronk wees, maar nie van wyn nie, julle sal waggel, maar nie van sterk drank nie.

5 Want kyk, die Here het die gees van diepe slaap oor julle uitgestort. Want kyk, julle het julle oë gesluit, en julle het die profete verwerp; en julle heersers, en die sieners het Hy oordek vanweë julle ongeregtigheid.

6 En dit sal gebeur dat die Here God aan [a]julle die woorde van ʼn [b]boek sal voortbring, en hulle sal die woorde wees van hulle wat gesluimer het.

7 En kyk, die boek sal [a]verseël wees; en in die boek sal wees ʼn [b]openbaring van God, vanaf die begin van die wêreld tot die [c]einde daarvan.

8 Daarom, vanweë die dinge wat [a]verseël is, sal die dinge wat verseël is [b]nie oorhandig word op die dag van die boosheid en gruwels van die volk nie. Daarom, die boek sal van hulle weerhou word.

9 Maar die boek sal aan ʼn [a]man oorhandig word en hy sal die woorde van die boek oorhandig, wat die woorde is van hulle wat gesluimer het in die stof, en hy sal hierdie woorde aan ʼn [b]ander oorhandig;

10 Maar die woorde wat verseël is, sal hy nie oorhandig nie, nóg sal hy die boek oorhandig. Want die boek sal verseël wees deur die krag van God, en die openbaring wat verseël was, sal in die boek gehou word tot die eie bepaalde tyd van die Here, sodat hulle mag voortkom; want kyk, hulle openbaar alle dinge vanaf

2*a* Jes. 24:6; 66:15–16; Jakob 6:3; 3 Ne. 25:1.
3*a* Jes. 29:7–8.
*b* 1 Ne. 22:14.
6*a* Jarom 1:2; Morm. 5:12–13.
*b* 2 Ne. 26:16–17; 29:12. GS Boek van Mormon.
7*a* Jes. 29:11–12; Ether 3:25–27; 4:4–7.
*b* Mosia 8:19.
*c* Ether 13:1–12.
8*a* Ether 5:1.
*b* 3 Ne. 26:9–12; Ether 4:5–6.
9*a* L&V 17:5–6.
*b* JS—G 1:64–65.

die grondlegging van die wêreld tot die einde daarvan.

11 En die dag kom dat die woorde van die boek wat verseël was, gelees sal word op die huise se dakke; en hulle sal gelees word deur die krag van Christus; en alle dinge sal [a]geopenbaar word aan die kinders van mense wat nog ooit onder die kinders van mense was, en wat ooit sal wees, en wel tot die einde van die aarde.

12 Daarom, op daardie dag wanneer die boek oorhandig sal word aan die man van wie ek gespreek het, sal die boek verborge wees van die oë van die wêreld, dat die oë van geeneen dit sal sien nie behalwe dat [a]drie [b]getuies dit sal sien, deur die krag van God, buiten hom aan wie die boek oorhandig sal word; en hulle sal getuig van die waarheid van die boek en die dinge daarin.

13 En daar is geen ander wat dit sal sien nie, behalwe ′n paar volgens die wil van God, om te getuig van sy woord aan die kinders van mense; want die Here God het gesê dat die woorde van die gelowiges moet spreek asof dit was [a]vanuit die dood.

14 Daarom, die Here God sal voortgaan om die woorde van die boek te voorskyn te bring; en in die mond van soveel getuies as Hy goeddink, sal Hy sy woord vestig; en wee hom wat die woord van God [a]verwerp!

15 Maar kyk, dit sal gebeur dat die Here God aan hom aan wie hy die boek sal oorhandig sal sê: Neem hierdie woorde wat nie verseël is nie en oorhandig hulle aan ′n ander, sodat hy hulle kan toon aan die geleerde, en sê: [a]Lees dit, ek vra u. En die geleerde sal sê: Bring hier die boek, en ek sal hulle lees.

16 En nou, vanweë die eer van die wêreld en om [a]gewin te verkry, sal hulle dit sê, en nie vir die heerlikheid van God nie.

17 En die man sal sê: Ek kan nie die boek bring nie, want dit is verseël.

18 Dan sal die geleerde sê: Ek kan dit nie lees nie.

19 Daarom, dit sal gebeur dat die Here God weer die boek sal oorhandig en die woorde daarvan aan hom wat nie geleerd is nie; en die man wat nie geleerd is nie, sal sê: Ek is nie geleerd nie.

20 Dan sal die Here God aan hom sê: Die geleerdes sal hulle nie lees nie, want hulle het hulle verwerp, en Ek is in staat om my eie werk te doen; daarom, jy sal die woorde lees wat Ek vir jou sal gee.

21 [a]Raak nie die dinge aan wat verseël is nie, want Ek sal dit in my eie bepaalde tyd voortbring;

11 *a* Lk. 12:3; Morm. 5:8; L&V 121:26–31.
12 *a* 2 Ne. 11:3; Ether 5:2–4; L&V 5:11, 15; 17:1.
*b* Deut. 19:15.
13 *a* 2 Ne. 3:19–20; 33:13–15; Moro. 10:27.
14 *a* 2 Ne. 28:29–30; Ether 4:8.
15 *a* Jes. 29:11–12; JS—G 1:65.
16 *a* GS Priesterlis.
21 *a* Ether 5:1.

want Ek sal aan die kinders van
mense toon dat Ek in staat is om
my eie werk te doen.
22 Daarom, wanneer jy die
woorde gelees het wat Ek jou gebied het, en die [a]getuies verkry
het wat Ek jou belowe het, dan
sal jy die boek weer verseël, en
dit wegbêre vir My, dat Ek die
woorde mag bewaar wat jy nie
gelees het nie, totdat Ek dit goeddink in my eie wysheid om alle
dinge te openbaar aan die kinders
van mense.
23 Want kyk, Ek is God; en Ek
is ′n God van [a]wonderwerke; en
Ek sal aan die wêreld toon dat Ek
[b]dieselfde is gister, vandag, en vir
ewig; en Ek arbei nie onder die
kinders van mense nie behalwe
[c]volgens hulle geloof.
24 En verder, dit sal gebeur dat
die Here aan hom sal sê wat die
woorde sal lees wat aan hom oorhandig sal word:
25 [a]In soverre hierdie volk naderkom na My met hulle mond,
en met hulle lippe My [b]eer, maar
hulle harte ver van My verwyder het, en hulle vrees vir My geleer word deur die [c]leringe van
mense—
26 Daarom, Ek sal voortgaan om
′n [a]wonderlike werk te doen onder hierdie volk, ja, ′n [b]wonderlike werk en ′n wonder, want die
wysheid van hulle wyse en geleerdes sal vergaan, en die begrip van hulle verstandiges sal
verskuil word.
27 En [a]wee hulle wat soek om
hulle planne diep vir die Here te
verberg! En hulle werke is in die
duisternis, en hulle sê: Wie sien
ons, en wie ken ons? En hulle sê
ook: Waarlik, julle onderstebo
keer van dinge sal geag word soos
die [b]pottebakker se klei. Maar
kyk, Ek sal aan hulle toon, sê die
Here van die Leërskare, dat Ek
al hulle werke ken. Want sal die
werkstuk sê van hom wat dit gemaak het, hy het my nie gemaak
nie? Of sal die gevormde ding van
hom sê wat dit gevorm het, hy het
geen begrip nie?
28 Maar kyk, sê die Here van die
Leërskare: Ek sal aan die kinders
van mense toon dat dit nog net
′n baie kort tydjie is, en Libanon
sal verander word in ′n vrugbare
land; en die vrugbare land sal gereken word as ′n woud.
29 [a]En in dié dag sal die dowes
die woorde hoor van die boek, en
die oë van die blindes sal sien uit
die duisternis en uit donkerte.
30 En die [a]sagmoediges sal ook
toeneem, en hulle [b]blydskap sal in
die Here wees, en die armes onder die mense sal hulle verheug in
die Heilige Een van Israel.

22*a* GS Getuies van die Boek van Mormon.
23*a* GS Wonderwerk.
*b* Hebr. 13:8.
*c* Hebr. 11; Ether 12:7–22.
25*a* Jes. 29:13.
*b* Matt. 15:8.
*c* 2 Ne. 28:31.
26*a* 1 Ne. 22:8; 2 Ne. 29:1–2. GS Herstelling van die Evangelie.
*b* Jes. 29:14; 2 Ne. 25:17.
27*a* Jes. 29:15.
*b* Jer. 18:6.
29*a* Jes. 29:18.
30*a* GS Sagmoedig, Sagmoedigheid.
*b* L&V 101:36.

31 Want sowaar as die Here leef,
sal hulle sien dat die [a]verskrik-
like een gebring word na niks, en
die spotter word verteer en almal
wat wag op ongeregtigheid word
afgesny;
32 En hulle wat ’n mens ’n [a]oor-
treder maak oor ’n woord, en ’n
strik span vir hom wat teregwys
in die [b]poort, en die regverdige
[c]opsy stoot soos ’n nuttelose ding.
33 Daarom, so sê die Here, wat
Abraham verlos het, aangaande
die huis van Jakob: Jakob sal nie
nou beskaam wees nie, nóg sal sy
aangesig nou bleek word.
34 Maar wanneer hy sy kinders
[a]sien, die werk van my hande, in
sy midde, sal hulle my Naam hei-
lig, en die Heilige Een van Jakob
heilig, en sal die God van Israel
vrees.
35 Hulle ook wat [a]gedwaal het
in gees, sal insig verkry, en hulle
wat gemurmureer het sal leerstel-
lings [b]leer.

## HOOFSTUK 28

*Baie valse kerke sal opgerig word in die laaste dae—Hulle sal valse, ydele en dwase leerstellings leer—Afvalligheid sal hoogty vier vanweë valse leraars—Die duiwel sal woed in die harte van mense—Hy sal allerhande soorte valse leerstellings leer. Ongeveer 559–545 v.C.*

En nou, kyk, my broers, ek het
met julle gespreek, volgens
wat die Gees my gedwing het;
daarom, ek weet dat hulle seker-
lik moet gebeur.
2 En die dinge wat geskryf sal
word uit die [a]boek sal van groot
[b]waarde wees vir die kinders van
mense, en veral vir ons saad, wat
’n oorblyfsel is van die huis van
Israel.
3 Want dit sal gebeur in daar-
die dag dat die [a]kerke wat op-
gerig word, en nie vir die Here
nie, wanneer die een vir die an-
der sal sê: Kyk, ek, ek behoort aan
die Here; en die ander sal sê: Ek,
ek behoort aan die Here; en so sal
elkeen sê wat kerke opgerig het,
en nie vir die Here nie—
4 En hulle sal met mekaar stry;
en hulle priesters sal met mekaar
stry, en hulle sal onderrig met
hulle [a]geleerdheid, en die Hei-
lige Gees loën, wat inspireer om
te spreek.
5 En hulle [a]loën die [b]krag van
God, die Heilige Een van Israel;
en hulle sê vir die volk: Slaan ag
op ons, en hoor julle ons lering;
want kyk, daar is [c]geen God van-
dag nie, want die Here en die Ver-
losser het sy werk gedoen, en Hy
het sy mag aan die mense gegee;
6 Kyk, slaan julle ag op my le-
ring; as hulle sal sê daar is ’n won-
derwerk verrig deur die hand van

31*a* Jes. 29:20.
32*a* Lk. 11:54.
*b* Amos 5:10.
*c* 2 Ne. 28:16.
34*a* Jes. 29:23–24.
35*a* 2 Ne. 28:14; L&V 33:4.
*b* Dan. 12:4.
**28** 2*a* GS Boek van Mormon.
*b* 1 Ne. 13:34–42; 22:9; 3 Ne. 21:6.
3*a* 1 Kor. 1:10–13; 1 Ne. 22:23; 4 Ne. 1:25–29; Morm. 8:28, 32–38.
4*a* 2 Ne. 9:28.
5*a* 2 Ne. 26:20.
*b* 2 Tim. 3:5.
*c* Alma 30:28.

die Here, glo dit nie; want hierdie
dag is Hy nie ′n God van [a]won-
derwerke nie; Hy het sy werk ge-
doen.
7 Ja en daar sal baie wees wat
sal sê: [a]Eet, drink, en wees vro-
lik, want môre sterwe ons; en dit
sal wel wees met ons.
8 En daar sal ook baie wees wat
sal sê: Eet, drink en wees vrolik;
nogtans, vrees God—Hy sal die
begaan van ′n klein sonde [a]reg-
verdig; ja, [b]lieg ′n bietjie, neem
die voordeel van een vanweë sy
woorde, grawe ′n [c]kuil vir jou
naaste; daar is geen kwaad hierin
nie; en doen al hierdie dinge,
want môre sterwe ons; en as dit
so is dat ons skuldig is, sal God
ons slaan met ′n paar strepe, en
uiteindelik sal ons gered word in
die koninkryk van God.
9 Ja, en daar sal baie wees wat
volgens dié wyse sal leer, valse en
ydele en [a]dwase [b]leerstellings, en
sal opgeblase wees in hulle harte,
en diep sal soek om hulle planne
te verberg vir die Here; en hulle
werke sal in die duisternis wees.
10 En die [a]bloed van die heiliges
sal uit die grond roep teen hulle.
11 Ja, hulle het almal van die
[a]weg afgedwaal; hulle het [b]ver-
dorwe geword.
12 Vanweë [a]hoogmoed, en
vanweë valse leraars, en valse
leerstellings, het hulle kerke ver-
dorwe geword, en hulle kerke het
verhewe geword; vanweë hoog-
moed is hulle opgeblase.
13 Hulle [a]beroof die [b]armes van-
weë hulle mooi heiligdomme;
hulle beroof die armes vanweë
hulle pronkerige klere; en hulle
vervolg die sagmoediges en die
armes van hart, want in hulle
[c]hoogmoed is hulle opgeblase.
14 Hulle hou hul nekke [a]styf en
hulle hoofde hoog; ja, en vanweë
hoogmoed, en boosheid, en gru-
wels, en hoererye, het hulle al-
mal [b]afgedwaal, behalwe ′n paar,
wat die nederige volgelinge van
Christus is; nogtans, hulle word
gelei, sodat hulle in baie gevalle
dwaal omdat hulle geleer word
deur die leringe van mense.
15 O, die [a]wyse, en die geleer-
des, en rykes, wat opgeblase is in
die [b]hoogmoed van hulle harte,
en al diegene wat valse leerstel-
lings preek, en al diegene wat
hoererye pleeg, en die regte weg
van die Here verdraai, [c]wee, wee,
wee hulle, sê die Here God Al-
magtig, want hulle sal neerge-
werp word na die hel!
16 Wee hulle wat die regverdiges

6*a* Morm. 8:26; 9:15–26.
7*a* 1 Kor. 15:32; Alma 30:17–18.
8*a* Morm. 8:31.
*b* L&V 10:25; Moses 4:4. GS Lieg.
*c* Spr. 26:27; 1 Ne. 14:3.
9*a* Eség. 13:3; Hel. 13:29.
*b* Matt. 15:9.
10*a* Openb. 6:9–11; 2 Ne. 26:3; Morm. 8:27; Ether 8:22–24; L&V 87:7.
11*a* Hel. 6:31.
*b* Morm. 8:28–41; L&V 33:4.
12*a* Spr. 28:25.
13*a* Eség. 34:8.
*b* Hel. 4:12.
*c* Alma 5:53.
14*a* Spr. 21:4.
*b* Jes. 53:6.
15*a* Spr. 3:5–7.
*b* GS Hoogmoed.
*c* 3 Ne. 29:5.

[a]opsy stoot soos ’n nuttelose ding,
en uitvaar teen dit wat goed is,
en sê dat dit van geen waarde is
nie! Want die dag sal kom dat die
Here God spoedig die inwoners
van die aarde sal besoek; en in dié
dag wanneer hulle [b]ten volle ryp
is in ongeregtigheid, sal hulle ver-
gaan.
17 Maar kyk, as die inwoners
van die aarde sal bekeer van hul
boosheid en gruwels, sal hulle nie
vernietig word nie, sê die Here
van die Leërskare.
18 Maar kyk, daardie groot en
gruwelike kerk, die [a]hoer van die
hele aarde, moet [b]tuimel na die
aarde, en groot moet die val daar-
van wees.
19 Want die koninkryk van die
duiwel moet [a]sidder, en hulle
wat daaraan behoort, moet nood-
wendig tot bekering aangespoor
word, of die [b]duiwel sal hulle
gryp met sy [c]ewigdurende ket-
tings, en hulle aanspoor tot toorn,
en vergaan.
20 Want kyk, in daardie dag sal
hy [a]woed in die harte van die
kinders van mense, en hulle aan-
spoor tot toorn teen dit wat goed
is.
21 En ander sal hy [a]paai en hulle
wegsus in vleeslike gerustheid,
dat hulle sal sê: Alles is wel in
Sion; ja, Sion is voorspoedig, alles
is wel—en so bedrieg die [b]duiwel
hulle siele, en lei hulle versigtig
weg af hel toe.
22 En kyk, ander lok hy met
vleitaal weg, en sê vir hulle daar
is geen [a]hel nie; en hy sê vir hulle:
Ek is geen duiwel nie, want daar
is nie een nie—en so fluister hy in
hulle ore, totdat hy hulle vasgryp
met sy aaklige [b]kettings, vanwaar
daar geen verlossing is nie.
23 Ja, hulle word gegryp met
dood, en hel; en dood, en hel,
en die duiwel, en alles wat daar-
deur gegryp is, moet staan voor
die troon van God, en [a]geoordeel
word volgens hulle werke, van-
waar hulle moet gaan na die plek
wat vir hulle berei is, en wel ’n
[b]poel van vuur en swael, wat ein-
delose pyniging is.
24 Daarom, wee hom wat gerus
is in Sion!
25 Wee hom wat uitroep: Alles
is wel!
26 Ja, wee hom wat [a]ag slaan op
die leringe van mense, en die krag
van God verloën, en die gawe van
die Heilige Gees!
27 Ja, wee hom wat sê: Ons het
ontvang, en ons het [a]niks meer
nodig nie!
28 En, kortom, wee al diegene
wat bewe, en [a]toornig is vanweë
die waarheid van God! Want
kyk, hy wat gebou is op die [b]rots,

16 *a* Jes. 29:21.
*b* Ether 2:9–10.
18 *a* Openb. 19:2.
*b* 1 Ne. 14:3, 17.
19 *a* 1 Ne. 22:23.
*b* Alma 34:35.
*c* Alma 12:11.
20 *a* L&V 10:20–27.
21 *a* Morm. 8:31.
*b* 2 Ne. 9:39.
22 *a* GS Hel.
*b* Alma 36:18.
23 *a* GS Jesus Christus—Regter; Oordeel, Die Laaste.
*b* 2 Ne. 9:16, 19, 26.
26 *a* 2 Ne. 9:29.
27 *a* Alma 12:10–11.
28 *a* 2 Ne. 9:40; 33:5. GS Rebellie.
*b* Matt. 7:24–27. GS Rots.

ontvang dit met blydskap; en hy wat gebou is op ′n sanderige fondament, bewe uit vrees dat hy sal val.

29 Wee hom wat sal sê: Ons het die woord van God ontvang, en ons het [a]niks meer [b]nodig van die woord van God nie, want ons het genoeg!

30 Want kyk, so sê die Here God: Ek sal aan die kinders van mense reël op reel gee, [a]lering op lering, hier ′n bietjie, en daar ′n bietjie; en geseënd is hulle wat ag slaan op my leringe, en ′n oor neig na my raad, want hulle sal [b]wysheid leer; want aan hom wat [c]ontvang, sal Ek [d]meer gee; en van hulle wat sal sê: Ons het genoeg, van hulle sal weggeneem word ook dit wat hulle het.

31 Vervloek is hy wat sy [a]vertroue stel in die mens, of wat vlees sy arm maak, of sal ag slaan op die leringe van mense, behalwe as hulle leringe gegee sal word deur die mag van die Heilige Gees.

32 [a]Wee die nie-Jode, sê die Here God van die Leërskare! Want desnieteenstaande Ek my arm sal uitstrek na hulle van dag tot dag, sal hulle My loën; nogtans, Ek sal barmhartig wees teenoor hulle, sê die Here God, as hulle sal bekeer en na My kom; want my [b]arm is uitgestrek die hele dag lank, sê die Here God van die Leërskare.

## HOOFSTUK 29

*Baie nie-Jode sal die Boek van Mormon verwerp—Hulle sal sê, Ons het nie nog ′n Bybel nodig nie—Die Here spreek met vele nasies—Hy sal die wêreld oordeel uit die boeke wat geskrywe sal word. Ongeveer 559–545 v.C.*

Maar kyk, daar sal baie wees—in daardie dag wanneer Ek sal voortgaan om ′n [a]wonderlike werk onder hulle te doen, dat Ek my [b]verbonde mag onthou wat Ek gesluit het met die kinders van mense, dat Ek my hand mag uitstrek vir die [c]tweede keer om my volk te versamel, wat van die huis van Israel is.

2 En ook, dat Ek die beloftes wat Ek met jou, Nefi, gemaak het mag onthou, en ook met jou vader, dat Ek jou saad sal onthou; en dat die [a]woorde van jou saad uit my mond sal voortgaan tot jou saad; en my woorde sal [b]voortsis tot aan die eindes van die aarde, as ′n [c]vaandel vir my volk, wat van die huis van Israel is.

3 En omdat my woorde sal

29*a* 2 Ne. 27:14; Ether 4:8.
*b* 2 Ne. 29:3–10.
30*a* Jes. 28:9–13; L&V 98:12.
*b* GS Wysheid.
*c* Lk. 8:18.
*d* Alma 12:10; L&V 50:24.
31*a* L&V 1:19–20.
32*a* 1 Ne. 14:6.
*b* Jakob 5:47; 6:4.
**29** 1*a* 2 Ne. 27:26. GS Herstelling van die Evangelie.
*b* GS Abraham, Verbond van.
*c* 2 Ne. 6:14; 21:11–12; 25:17. GS Israel—Die versameling van Israel.
2*a* 2 Ne. 3:18–21.
*b* Jes. 5:26; 2 Ne. 15:26; Moro. 10:28.
*c* 1 Ne. 21:22. GS Vaandel.

voortsis—sal baie van die nie-
Jode sê: ′n [a]Bybel! ′n Bybel! Ons
het ′n Bybel, en daar kan nie nog
′n Bybel wees nie.
4 Maar so sê die Here God: O
dwase, hulle sal ′n Bybel hê; en
dit sal voortkom van die [a]Jode,
my ou verbondsvolk. En hoe
dank hulle die Jode vir die [b]By-
bel wat hulle van hul ontvang?
Ja, wat dink die nie-Jode? Onthou
hulle die lyding, en die arbeid, en
die pyne van die Jode, en hulle
ywer teenoor my, om heil te bring
aan die nie-Jode?
5 O julle nie-Jode, het julle die
Jode onthou, my ou verbonds-
volk? Nee; maar julle het hulle
vervloek, en hulle [a]gehaat, en
het nie gesoek om hulle te her-
stel nie. Maar kyk, Ek sal al hier-
die dinge terugbring op julle eie
hoofde; want Ek die Here het nie
my volk vergeet nie.
6 Jou dwaas, wat sal sê: ′n [a]By-
bel, ons het ′n Bybel, en ons het
nie nog ′n Bybel nodig nie. Het
julle ′n Bybel verkry behalwe
deur die Jode?
7 Weet julle nie dat daar meer
volke is as een nie? Weet julle nie
dat Ek, die Here julle God, alle
mense [a]geskape het nie, en dat
Ek diegene onthou wat op die
[b]eilande van die see is; en dat Ek
heers in die hemele daarbo, en in
die aarde daaronder; en Ek bring
my woord voort aan die kinders
van mense, ja, en wel aan al die
nasies van die aarde?
8 Waarom murmureer julle, om-
dat julle meer sal ontvang van my
woord? Weet julle nie dat die ge-
tuienis van [a]twee nasies ′n [b]be-
wys is vir julle dat Ek God is nie,
dat Ek aan een nasie dink soos die
ander? Daarom, Ek spreek die-
selfde woorde aan die een nasie
soos die ander. En wanneer die
twee [c]volke sal saamvloei, sal die
getuienis van die twee nasies ook
saamvloei.
9 En Ek doen dit sodat Ek mag
bewys aan baie dat Ek [a]dieselfde
is gister, vandag en vir ewig; en
dat Ek my woorde spreek vol-
gens my eie behae. En omdat Ek
een [b]woord gespreek het, hoef
julle nie te veronderstel dat Ek
nie nog een kan spreek nie; want
my werk is nog nie klaar nie; nóg
sal dit wees tot aan die einde van
die mens, nóg van daardie tyd af
aan en vir ewig.
10 Daarom, omdat julle ′n Bybel
het, hoef julle nie te veronderstel
dat dit al my [a]woorde bevat nie;
nóg hoef julle te veronderstel dat
Ek nie meer laat skrywe het nie.
11 Want Ek gebied [a]alle mense,

3*a* 1 Ne. 13:23–25. GS Boek van Mormon; Bybel.
4*a* L&V 3:16. GS Jode.
*b* GS Juda—Die stok van Juda.
5*a* 3 Ne. 29:8.
6*a* 1 Ne. 13:38.
7*a* GS Skep, Skepping.
*b* 1 Ne. 22:4.
8*a* Eség. 37:15–20; 1 Ne. 13:38–41; 2 Ne. 3:12.
*b* Matt. 18:16. GS Getuie.
*c* Hos. 1:11.
9*a* Hebr. 13:8.
*b* GS Openbaring.
10*a* GS Skrifture—Skrifture wat geprofeteer is om te voorskyn te kom.
11*a* Alma 29:8.

beide in die ooste en in die weste, en in die noorde, en in die suide, en in die eilande van die see, dat hulle die woorde sal [b]skryf wat Ek met hulle spreek; want uit die [c]boeke wat geskrywe sal word, sal Ek die wêreld [d]oordeel, elke mens volgens hulle werke, volgens dit wat geskrywe is.

12 Want kyk, Ek sal spreek met die [a]Jode, en hulle sal dit skrywe; en Ek sal ook spreek met die Nefiete, en hulle sal dit [b]skrywe; en Ek sal ook spreek met die ander stamme van die huis van Israel, wat Ek weggelei het, en hulle sal dit skrywe; en Ek sal ook met [c]al die volke van die aarde spreek en hulle sal dit skrywe.

13 En dit sal gebeur dat die [a]Jode die woorde van die Nefiete sal hê, en die Nefiete sal die woorde van die Jode hê; en die Nefiete en die Jode sal die woorde hê van die [b]verlore stamme van Israel; en die verlore stamme van Israel sal die woorde hê van die Nefiete en die Jode.

14 En dit sal gebeur dat my volk, wat van die [a]huis van Israel is, huis toe versamel sal word na die lande van hulle besittings; en my woord sal ook saamgevoeg word [b]in een. En Ek sal toon aan hulle wat teen my woord stry en teen my volk, wat van die [c]huis van Israel is, dat Ek God is, en dat Ek met Abraham 'n [d]verbond gesluit het, dat Ek aan sy [e]saad sal dink [f]vir ewig.

## HOOFSTUK 30

*Bekeerde nie-Jode sal gereken word onder die verbondsvolk—Baie Lamaniete en Jode sal die woord glo en aangenaam word—Israel sal herstel word en die bose vernietig word. Ongeveer 559–545 v.C.*

En nou kyk, my geliefde broers, ek wil met julle spreek; want ek, Nefi, sal nie toelaat dat julle moet veronderstel dat julle meer regverdig is as wat die nie-Jode sal wees nie. Want kyk, tensy julle die gebooie van God onderhou, sal julle almal net so omkom; en vanweë die woorde wat gespreek is, hoef julle nie te veronderstel dat die nie-Jode heeltemal vernietig is nie.

2 Want kyk, ek sê vir julle dat soveel van die nie-Jode as wat hulle sal bekeer, is die [a]verbondsvolk van die Here; en soveel van die [b]Jode as wat nie sal bekeer nie, sal verwerp word; want die Here

---

11 *b* 2 Tim. 3:16.
*c* GS Boek van die Lewe.
*d* 2 Ne. 25:22; 33:11, 14–15. GS Oordeel, Die Laaste.
12 *a* 1 Ne. 13:23–29.
*b* 1 Ne. 13:38–42; 2 Ne. 26:17.
*c* 2 Ne. 26:33.
13 *a* Morm. 5:12–14.
*b* GS Israel—Die tien verlore stamme van Israel.
14 *a* Jer. 3:17–18.
*b* Eség. 37:16–17.
*c* 1 Ne. 22:8–9.
*d* Gén. 12:1–3; 1 Ne. 17:40; 3 Ne. 20:27; Abr. 2:9. GS Abraham, Verbond van.
*e* L&V 132:30.
*f* Gén. 17:7.
**30** 2 *a* Gal. 3:26–29.
*b* Matt. 8:10–13. GS Jode.

sluit met niemand ′n verbond nie, behalwe met hulle wat [c]bekeer en glo in sy Seun, wat die Heilige Een van Israel is.

3 En nou, ek wil nog ietwat meer profeteer aangaande die Jode en die nie-Jode. Want nadat die boek waarvan Ek gespreek het, sal voortkom, en geskrywe sal wees aan die nie-Jode, en weer verseël word vir die Here, sal daar baie wees wat die woorde sal [a]glo wat geskrywe is; en [b]hulle sal hulle uitdra aan die oorblyfsel van ons saad.

4 En dan sal die oorblyfsel van ons saad weet aangaande ons, hoedat ons uit Jerusalem gekom het, en dat hulle afstammelinge is van die Jode.

5 En die evangelie van Jesus Christus sal onder [a]hulle verkondig word; daarom, [b]hulle sal herstel word tot die kennis van hulle vadere, en ook tot die [c]kennis van Jesus Christus, wat bestaan het onder hulle vadere.

6 En dan sal hulle hul verbly; want hulle sal weet dat dit ′n seëning vir hulle is van die hand van God; en hulle skille van duisternis sal van hulle oë begin val; en baie geslagte sal nie verbygaan onder hulle nie, behalwe dat hulle ′n suiwer en ′n [a]behaaglike volk geword het.

7 En dit sal gebeur dat die [a]Jode wat verstrooi is, ook sal [b]begin om te glo in Christus; en hulle sal begin om te versamel op die aangesig van die land; en soveel as wat sal glo in Christus, sal ook ′n aangename volk word.

8 En dit sal gebeur dat die Here God sy werk sal begin onder al die nasies, stamme, tale en volke, om die herstel van sy volk te bewerkstellig op die aarde.

9 En met regverdigheid sal die [a]Here God die armes [b]oordeel, en met billikheid die [c]sagmoediges van die aarde bestraf. En Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond; en met die asem van sy lippe sal Hy die bose doodmaak.

10 Want die [a]tyd kom spoedig dat die Here God ′n groot [b]skeiding sal veroorsaak onder die mense, en die bose sal Hy vernietig; en Hy sal sy volk [c]spaar, ja, selfs as dit so is dat Hy die bose moet [d]vernietig deur vuur.

11 En [a]regverdigheid sal die gordel van sy lendene wees en trouheid die gordel van sy heupe.

12 [a]En dan sal die wolf by die lam woon, en die luiperd sal met die bokkie neerlê, en die kalf, en die jong leeu, en die vetgemaakte vee tesame; en ′n klein kind sal hulle lei.

13 En die koei en die beer sal

2*c* GS Bekeer, Bekering.
3*a* 3 Ne. 16:6–7.
*b* 1 Ne. 22:8–9.
5*a* 3 Ne. 21:3–7, 24–26.
*b* L&V 3:20.
*c* 1 Ne. 15:14; 2 Ne. 3:12; Morm. 7:1, 9–10.
6*a* L&V 49:24; 109:65.
7*a* 2 Ne. 29:13–14.
*b* 2 Ne. 25:16–17.
9*a* Jes. 11:4–9.
*b* 2 Ne. 9:15.
*c* GS Sagmoedig, Sagmoedigheid.
10*a* GS Laaste Dae.
*b* L&V 63:53–54.
*c* Moses 7:61.
*d* 1 Ne. 22:15–17, 23. GS Aarde—Reiniging van die aarde.
11*a* Jes. 11:5–9.
12*a* Jes. 65:25. GS Millennium.

wei; hulle kleintjies sal saam neerlê; en die leeu sal strooi eet soos die os.

14 En die suigling sal speel by die gat van die adder, en die gespeende kind sal sy hand plaas op die nes van die giftige slang.

15 Hulle sal geen kwaad doen of vernietig in my hele heilige berg nie, want die aarde sal vol wees van die kennis van die Here soos die waters die see oordek.

16 Daarom, die dinge van [a]al die nasies sal bekend gemaak word; ja, alle dinge sal [b]bekend gemaak word aan die kinders van mense.

17 Daar is niks wat verborge is wat nie [a]geopenbaar sal word nie; daar is geen werk van duisternis wat nie geopenbaar sal word in die lig nie; en daar is niks wat verseël is op die aarde wat nie losgemaak sal word nie.

18 Daarom, alle dinge wat geopenbaar is aan die kinders van mense sal op daardie dag geopenbaar word; en Satan sal [a]nie langer mag hê oor die harte van die kinders van mense nie, vir ʼn lang tyd. En nou, my geliefde broers, maak ek ʼn einde aan my woorde.

## HOOFSTUK 31

*Nefi vertel waarom Christus gedoop is—Mense moet Christus volg, gedoop word, die Heilige Gees ontvang, en volhard tot die einde toe om gered te word—Bekering en doop is die poort na die eng en smal weg—Die ewige lewe kom na diegene wat die gebooie onderhou na die doop. Ongeveer 559–545 v.C.*

En nou, ek, Nefi, maak ʼn einde aan my [a]profetering aan julle, my geliefde broers. En ek kan nie meer as net ʼn paar dinge skryf nie, wat ek weet sekerlik moet plaasvind; nóg kan ek net ʼn paar van die woorde van my broer Jakob skrywe.

2 Daarom, die dinge wat ek geskrywe het, is vir my genoeg, behalwe vir ʼn paar woorde wat ek moet spreek aangaande die [a]leer van Christus; daarom, ek sal duidelik met julle spreek, volgens die duidelikheid van my profetering.

3 Want my siel skep behae in duidelikheid; want op dié wyse werk die Here God onder die kinders van mense. Want die Here God gee [a]lig vir die begrip; want Hy spreek met die mens volgens hulle [b]taal, tot hulle begrip.

4 Daarom, ek wil hê dat julle moet onthou dat ek met julle gespreek het aangaande daardie [a]profeet wat die Here aan my getoon het, wat die [b]Lam van God sal doop, wat die sondes van die wêreld sal wegneem.

5 En nou, as die Lam van God, Hy wat heilig is, dit nodig het

16*a* L&V 101:32–35; 121:28–29.
*b* Ether 4:6–7.
17*a* L&V 1:2–3.
18*a* Openb. 20:1–3; Ether 8:26.
**31** 1*a* 2 Ne. 25:1–4.
2*a* 2 Ne. 11:6–7.
3*a* GS Lig, Lig van Christus.
*b* L&V 1:24.
4*a* 1 Ne. 10:7; 11:27. GS Johannes die Doper.
*b* GS Lam van God.

om [a]gedoop te word deur water, om alle regverdigheid te vervul, o dan, hoeveel te meer het ons dit nodig, wat onheilig is, om gedoop te word, ja, en wel deur water!

6 En nou, ek wil julle vra, my geliefde broers, hoe die Lam van God alle regverdigheid vervul het om deur water gedoop te word?

7 Weet julle nie dat Hy heilig was nie? Maar nieteenstaande Hy heilig was, toon Hy aan die kinders van mense dat, volgens die vlees verootmoedig Hy hom voor die Vader, en getuig tot die Vader dat Hy [a]gehoorsaam sal wees aan Hom in die onderhouding van sy gebooie.

8 Daarom, nadat Hy gedoop is met water, het die Heilige Gees op Hom neergedaal in die [a]vorm van 'n [b]duif.

9 En verder, dit toon aan die kinders van mense die engheid van die weg, en die smalheid van die [a]poort waardeur hulle moet binnegaan, Hy wat die voorbeeld aan hulle gestel het.

10 En Hy het aan die kinders van mense gesê: [a]Volg julle My. Daarom, my geliefde broers, kan ons Jesus [b]volg behalwe as ons gewillig is om die gebooie van die Vader te onderhou?

11 En die Vader het gesê: Bekeer julle, bekeer julle, en word gedoop in die Naam van my geliefde Seun.

12 En ook, die stem van die Seun het tot my gekom, en gesê: Hy wat gedoop word in my Naam, aan hom sal die Vader die Heilige Gees [a]gee, soos aan My; daarom, [b]volg My, en doen die dinge wat julle My sien doen het.

13 Daarom, my geliefde broers, ek weet dat as julle die Seun sal volg, met volle voorneme van hart, en optree sonder geveinsdheid of bedrog voor God, maar met opregte bedoeling, en julle bekeer van julle sondes, en voor die Vader getuig dat julle gewillig is om die Naam van Christus op julle te neem, deur die [a]doop—ja, deur julle Here en julle Verlosser te volg af tot in die water, volgens sy woord; kyk, dan sal julle die Heilige Gees ontvang; ja, dan kom die [b]doop van vuur en van die Heilige Gees; en dan kan julle spreek met die [c]tong van engele, en lofsange uitroep tot die Heilige Een van Israel.

14 Maar, kyk, my geliefde broers, so het die stem van die Seun tot my gekom, en gesê: Nadat julle jul bekeer het van julle sondes, en getuig het tot die Vader dat julle gewillig is om my gebooie

5*a* Matt. 3:11–17.
GS Doop.
7*a* Joh. 5:30.
GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
8*a* 1 Ne. 11:27.
*b* GS Duif, Teken van die.
9*a* 2 Ne. 9:41; 3 Ne. 14:13–14; L&V 22:4.
10*a* Matt. 4:19; 8:22; 9:9.
*b* Moro. 7:11; L&V 56:2.
12*a* GS Gawe van die Heilige Gees.
*b* Lk. 9:57–62; Joh. 12:26.
13*a* Gal. 3:26–27.
*b* GS Gawe van die Heilige Gees; Vuur.
*c* 2 Ne. 32:2–3.

te onderhou, deur die doop van
water, en die doop van vuur en
van die Heilige Gees ontvang het,
en kan spreek met ′n nuwe tong,
ja, en wel met die tong van engele,
en hierna My sou [a]verloën, sou dit
[b]beter vir julle gewees het dat julle
My nie geken het nie.
15 En ek het ′n stem van die Va-
der gehoor, wat sê: Ja, die woorde
van my Geliefde is waar en be-
troubaar. Hy wat volhard tot die
einde, hy sal gered word.
16 En nou, my geliefde broers,
ek weet hierdeur dat tensy ′n
mens sal [a]volhard tot die einde,
deur die [b]voorbeeld te volg van
die Seun van die lewende God,
hy nie gered kan word nie.
17 Daarom, doen die dinge wat
ek julle gesê het wat ek gesien het
dat julle Here en julle Verlosser
sal doen; want om hierdie rede
is hulle aan my getoon, dat julle
die poort mag ken waardeur julle
moet binnegaan. Want die poort
waardeur julle moet binnegaan
is bekering en [a]doop deur water;
en dan kom ′n [b]vergifnis van julle
sonde deur vuur en deur die Hei-
lige Gees.
18 En dan is julle in die [a]eng en
smal [b]weg wat lei tot die ewige
lewe; ja, julle het binnegegaan by
die poort; julle het gehandel vol-
gens die gebooie van die Vader en
die Seun; en julle het die Heilige
Gees ontvang, wat [c]getuig van die
Vader en die Seun, ter vervulling
van die belofte wat Hy gemaak
het, dat as julle binnegegaan het
langs daardie weg, sal julle ont-
vang.
19 En nou, my geliefde broers,
nadat julle hierdie eng en smal
weg betree het, wil ek vra of al-
les [a]gedoen is? Kyk, ek sê vir julle,
Nee; want julle het nie so ver ge-
kom nie behalwe deur die woord
van Christus, met onwankelbare
[b]geloof in Hom, terwyl julle heel-
temal [c]vertrou op die verdienste
van Hom wat magtig is om te red.
20 Daarom, julle moet vorentoe
[a]beur met ′n standvastigheid in
Christus, met ′n volmaakte hel-
derheid van [b]hoop, en ′n [c]liefde
van God en van alle mense.
Daarom, as julle vorentoe sal
beur, verlustig julle in die woord
van Christus, en [d]volhard tot die
einde, kyk, so sê die Vader: Julle
sal die ewige lewe hê.
21 En nou, kyk, my geliefde
broers, dit is die [a]weg, en daar
is [b]geen ander weg nóg [c]naam

14*a* Matt. 10:32–33; Alma 24:30; L&V 101:1–5. GS Onvergeeflike Sonde.
*b* 2 Petr. 2:21.
16*a* Alma 5:13; 38:2; L&V 20:29.
*b* GS Jesus Christus—Voorbeeld van Jesus Christus.
17*a* Mosia 18:10. GS Doop.
*b* GS Vergifnis van Sondes.
18*a* 1 Ne. 8:20.
*b* Spr. 4:18. GS Weg.
*c* Hand. 5:29–32.
19*a* Mosia 4:10.
*b* GS Geloof, Glo.
*c* L&V 3:20.
20*a* GS Wandel, Wandel met God.
*b* GS Hoop.
*c* GS Liefde.
*d* GS Volhard.
21*a* Hand. 4:10–12; 2 Ne. 9:41; Alma 37:46; L&V 132:22, 25.
*b* Mosia 3:17.
*c* GS Jesus Christus—Om die Naam van Jesus Christus op ons te neem.

onder die hemel gegee waardeur
'n mens gered kan word in die ko-
ninkryk van God. En nou, kyk, dit
is die [d]leer van Christus, en die
enigste en waaragtige leer van die
[e]Vader, en van die Seun, en van
die Heilige Gees, wat [f]een God is,
sonder einde. Amen.

## HOOFSTUK 32

*Engele spreek deur die mag van die Heilige Gees—Mense moet bid en kennis vir hulleself verkry van die Heilige Gees. Ongeveer 559–545 v.C.*

En nou, kyk, my geliefde broers,
ek veronderstel dat julle ietwat
bepeins in julle harte aangaande
dit wat julle behoort te doen na-
dat julle die weg binnegegaan het.
Maar kyk, hoekom bepeins julle
hierdie dinge in julle harte?
2 Onthou julle nie dat ek vir julle
gesê het dat nadat julle die Hei-
lige Gees [a]ontvang het, julle met
die [b]tong van engele kon spreek
nie? En nou, hoe kon julle met die
tong van engele spreek behalwe
deur die Heilige Gees?
3 [a]Engele spreek deur die mag
van die Heilige Gees; daarom,
hulle spreek die woorde van Chris-
tus. Daarom, ek het vir julle gesê,
[b]verlustig julle in die woorde van
Christus; want kyk, die woorde
van Christus sal julle alle dinge
vertel wat julle moet doen.
4 Daarom, nou nadat ek hier-
die woorde gespreek het, as julle
hulle nie kan verstaan nie, sal dit
wees omdat julle nie [a]vra nie, nóg
klop julle; daarom, julle word nie
tot die lig gebring nie, maar moet
omkom in die duisternis.
5 Want kyk, ek sê weer vir julle
dat as julle die weg sal binnegaan,
en die Heilige Gees ontvang, sal
dit aan julle alle dinge toon wat
julle moet doen.
6 Kyk, dit is die leer van Chris-
tus, en daar sal geen verdere leer-
stellings gegee word nie tot nadat
Hy Hom sal [a]openbaar aan julle
in die vlees. En wanneer Hy Hom
aan julle sal openbaar in die vlees,
die dinge wat Hy aan julle sal sê,
sal julle sekerlik doen.
7 En nou ek, Nefi, kan niks meer
sê nie; die Gees verhoed my om
te spreek, en ek word gelaat om
te treur vanweë die [a]ongeloof, en
die boosheid, en die onkunde, en
die hardnekkigheid van mense;
want hulle wil nie kennis soek
nie, nóg groot kennis verstaan,
wanneer dit aan hulle gegee word
in [b]duidelikheid; en wel so duide-
lik as 'n woord kan wees.
8 En nou, my geliefde broers, ek
merk dat julle nog in julle harte
bepeins; en dit bedroef my dat ek
moet spreek aangaande hierdie
ding. Want as julle sou ag slaan
op die Gees wat 'n mens leer om
te [a]bid, sou julle weet dat julle

21 *d* Matt. 7:28; Joh. 7:16–17.
*e* GS God, Godheid.
*f* 3 Ne. 11:27, 35–36. GS Eenheid.

**32** 2 *a* 3 Ne. 9:20.
*b* 2 Ne. 31:13.
3 *a* GS Engele.
*b* Jer. 15:16.
4 *a* GS Vra.

6 *a* 3 Ne. 11:8.
7 *a* GS Ongeloof.
*b* 2 Ne. 31:2–3; Jakob 4:13.
8 *a* GS Gebed.

moet bid; want die [b]bose gees leer ʼn mens nie om te bid nie, maar leer hom dat hy nie moet bid nie.

9 Maar kyk, ek sê vir julle dat julle altyd moet [a]bid, en nie moed verloor nie; dat julle niks vir die Here moet doen nie, tensy julle in die eerste plek tot die Vader sal bid in die [b]Naam van Christus, dat Hy julle handeling sal heilig vir julle, dat julle handeling mag wees vir die [c]welsyn van julle siel.

## HOOFSTUK 33

*Nefi se woorde is waar—Hulle getuig van Christus—Diegene wat glo in Christus sal Nefi se woorde glo, wat sal staan as ʼn getuienis voor die regbank. Ongeveer 559–545 v.C.*

EN nou, ek, Nefi, kan nie al die dinge skryf wat geleer is onder my volk nie; ook is ek nie [a]magtig om te skryf, soos om te spreek nie; want wanneer ʼn mens [b]spreek deur die mag van die Heilige Gees, dra die Heilige Gees dit tot die harte van die kinders van mense.

2 Maar kyk, daar is baie wat hulle harte [a]verhard teen die Heilige Gees, sodat dit geen plek in hulle het nie; daarom, hulle werp baie dinge weg wat geskrywe word en ag hulle as waardelose dinge.

3 Maar ek, Nefi, het geskryf wat ek geskryf het, en ek ag dit as van groot [a]waarde, en veral vir my volk. Want ek [b]bid bedags voortdurend vir hulle, en my oë benat my kussing snags, vanweë hulle; en ek roep tot my God in geloof, en ek weet dat Hy my geroep sal hoor.

4 En ek weet dat die Here God my gebede sal heilig vir die voordeel van my volk. En die woorde wat ek geskryf het in swakheid, sal [a]sterk gemaak word vir hulle; want dit [b]oorreed hulle om goed te doen; dit maak bekend aan hulle aangaande hul vaders; en dit spreek van Jesus, en oorreed hulle om in Hom te glo, en om te volhard tot die einde toe, wat die [c]ewige lewe is.

5 En dit spreek [a]skerp teen sonde, volgens die [b]duidelikheid van die waarheid; daarom, geen mens sal kwaad wees oor die woorde wat ek geskryf het nie, tensy hy die gees van die duiwel het.

6 Ek roem in duidelikheid; ek roem in waarheid; ek roem in my Jesus, want Hy het my siel [a]verlos van die hel.

7 Ek het [a]naasteliefde vir my

8*b* Mosia 4:14.
GS Duiwel.
9*a* 3 Ne. 20:1;
L&V 75:11.
*b* Moses 5:8.
*c* Alma 34:27.
**33** 1*a* Ether 12:23–24.
*b* L&V 100:7–8.
2*a* Hel. 6:35–36.
3*a* GS Skrifture—Waarde van die skrifture.
*b* Enos 1:9–12;
WvM 1:8.
4*a* Ether 12:26–27.
*b* Moro. 7:13.
*c* GS Ewige Lewe.
5*a* 1 Ne. 16:1–3;
2 Ne. 9:40.
*b* 2 Ne. 31:3;
Jakob 4:13.
6*a* GS Verlos, Verlossing.
7*a* GS Naasteliefde.

volk, en groot geloof in Christus dat ek baie siele sal ontmoet, vlekkeloos voor sy regterstoel.

8 Ek het naasteliefde vir die [a]Jood—ek sê Jood, want ek bedoel hulle vanwaar ek kom.

9 Ek het ook naasteliefde vir die [a]nie-Jode. Maar kyk, vir nie een van hulle kan ek hoop nie, tensy hulle [b]versoen sal word met Christus, en die [c]smal poort binnegaan, en [d]wandel in die [e]eng weg wat lei na die lewe, en volhou op die weg tot die einde van die dag van die toetsing.

10 En nou, my geliefde broers, en ook die Jood, en al julle eindes van die aarde, slaan ag op hierdie woorde en [a]glo in Christus; en as julle nie in hierdie woorde glo nie, glo in Christus. En as julle sal glo in Christus, sal julle in hierdie [b]woorde glo, want hulle is die [c]woorde van Christus, en Hy het hulle aan my gegee; en hulle [d]leer alle mense dat hulle goed moet doen.

11 En as hulle nie die woorde van Christus is nie, oordeel julle—want Christus sal aan julle toon met [a]krag en groot heerlikheid, dat hulle sy woorde is, op die laaste dag; en julle en ek sal van aangesig tot aangesig voor sy [b]regbank staan; en julle sal weet dat ek deur Hom gebied is om hierdie dinge te skryf, ten spyte van my swakheid.

12 En ek bid die Vader in die Naam van Christus dat baie van ons, indien nie almal nie, gered mag word in sy [a]koninkryk op daardie groot en laaste dag.

13 En nou, my geliefde broers, al diegene wat van die huis van Israel is, en al julle eindes van die aarde, ek spreek met julle soos die stem van een wat [a]roep uit die stof: Vaarwel tot daardie groot dag sal kom.

14 En julle wat nie wil deel hê aan die goedheid van God nie, en die [a]woorde van die Jode respekteer, en ook my [b]woorde, en die woorde wat sal voortkom uit die mond van die Lam van God, kyk, ek sê vir julle vir ewig vaarwel, want hierdie woorde sal julle [c]veroordeel op die laaste dag.

15 Want wat ek verseël op aarde, sal teen julle ingebring word voor die [a]regbank; want so het die Here my gebied, en ek moet gehoorsaam. Amen.

---

8*a* GS Jode.
9*a* GS Nie-Jode.
*b* GS Versoen, Versoening.
*c* 2 Ne. 9:41.
*d* GS Wandel, Wandel met God.
*e* Hel. 3:29–30; L&V 132:22.
10*a* GS Geloof, Glo.
*b* GS Boek van Mormon.
*c* Moro. 10:27–29.
*d* 2 Ne. 25:28.
11*a* Ether 5:4; Moro. 7:35.
*b* Openb. 20:12; Moro. 10:34.
12*a* GS Selestiale Heerlikheid.
13*a* Jes. 29:4; 2 Ne. 26:16.
14*a* GS Bybel.
*b* GS Boek van Mormon.
*c* 2 Ne. 29:11; Ether 4:8–10.
15*a* WvM 1:11.

# DIE BOEK VAN JAKOB

## DIE BROER VAN NEFI

Die woorde van sy prediking aan sy broers. Hy beskaam ′n man wat probeer om die leer van Christus omver te gooi. ′n Paar woorde aangaande die geskiedenis van die volk van Nefi.

### HOOFSTUK 1

*Jakob en Josef poog om mense te oorreed om in Christus te glo en om sy gebooie te onderhou—Nefi sterf—Boosheid heers onder die Nefiete. Ongeveer 544–421 v.C.*

WANT kyk, dit het gebeur dat vyf en vyftig jaar verbygegaan het vanaf die tyd dat Lehi Jerusalem verlaat het; daarom, Nefi het aan my, [a]Jakob, ′n [b]bevel gegee aangaande die [c]klein plate, waarop hierdie dinge gegraveer is.

2 En hy het aan my, Jakob, ′n bevel gegee dat ek op hierdie plate ′n paar van die dinge wat ek die waardevolste geag het, moes skryf; dat ek nie moes skryf, behalwe as dit ligweg is, aangaande die geskiedenis van hierdie volk wat genoem is die volk van Nefi nie.

3 Want hy het gesê dat die geskiedenis van sy volk gegraveer moes word op sy ander plate, en dat ek hierdie plate moes bewaar en hulle oorhandig aan my saad, van geslag tot geslag.

4 En as daar prediking was wat heilig was, of openbaring wat groot was, of profetering, dat ek die [a]hoofpunte daarvan moes graveer op hierdie plate, en op hulle skryf soveel as wat dit moontlik is, om Christus ontwil, en ter wille van ons volk.

5 Want vanweë geloof en groot besorgdheid, is dit waarlik geopenbaar aan ons aangaande ons volk, watter dinge met hulle sal [a]gebeur.

6 En ons het ook baie openbaringe gehad, en die gees van veel profesie; daarom, ons het geweet van [a]Christus en sy koninkryk, wat moes kom.

7 Daarom het ons ywerig gearbei onder ons volk, dat ons hulle mag oorreed om tot Christus te [a]kom, en deel te hê aan die goedheid van God, dat hulle sy [b]rus mag binnegaan, sodat Hy nie op enige wyse sou sweer in sy toorn dat hulle nie sou [c]binnegaan nie, soos in die [d]verbittering in die dae van versoeking terwyl die kinders van Israel in die [e]wildernis was.

**1** 1*a* GS Jakob, Seun van Lehi.
*b* Jakob 7:27.
*c* 2 Ne. 5:28–33; Jakob 3:13–14. GS Plate.
4*a* DI die oorheersende, belangrike sake.
5*a* 1 Ne. 12.
6*a* 1 Ne. 10:4–11; 19:8–14.
7*a* 2 Ne. 9:41; Omni 1:26; Moro. 10:32.
*b* GS Rus.
*c* Núm. 14:23; Deut. 1:35–37; L&V 84:23–25.
*d* Hebr. 3:8.
*e* Núm. 26:65; 1 Ne. 17:23–31.

8 Daarom, ons wou dat God ons moes help dat ons alle mense kon oorreed om nie te [a]rebelleer teen God, om Hom [b]aan te hits tot woede nie, maar dat alle mense sou glo in Christus, en sy dood aanskou, en sy kruis [c]verduur en die skande van die wêreld dra; daarom, ek, Jakob, neem dit op my om die bevel van my broer Nefi uit te voer.

9 Nou, Nefi het begin om oud te word, en hy het gesien dat hy spoedig moes [a]sterf; daarom, hy het ′n man [b]gesalf om nou ′n koning te wees en ′n heerser oor sy volk, volgens die heerskappye van die [c]konings.

10 Die volk het Nefi uitermate liefgehad, omdat hy ′n groot beskermer vir hulle was, omdat hy die [a]swaard van Laban gebruik het tot hul verdediging, en omdat hy gearbei het in al sy dae vir hulle welsyn—

11 Daarom, die mense was begerig om sy naam in herinnering te hou. En wie ook al sou heers in sy plek, is genoem deur die volk, tweede Nefi, derde Nefi, ensovoorts, volgens die heerskappye van die konings; en so is hulle genoem deur die volk, ongeag wat hulle name was.

12 En dit het so gebeur dat Nefi gesterf het.

13 Nou, die volk wat nie [a]Lamaniete was nie, was [b]Nefiete; nogtans, hulle is genoem Nefiete, Jakobiete, Josefiete, [c]Zoramiete, Lamaniete, Lemueliete, en Ismaeliete.

14 Maar ek, Jakob, sal hulle hierna nie onderskei volgens hierdie name nie, maar ek sal hulle Lamaniete [a]noem wat soek om die mense van Nefi te vernietig, en diegene wat vriendelik is teenoor Nefi sal ek [b]Nefiete noem, of die [c]mense van Nefi, volgens die heerskappye van die konings.

15 En nou het dit gebeur dat die mense van Nefi, onder die heerskappy van die tweede koning, begin het om hard te word in hulle harte, en hulleself tot ′n mate toegegee het aan goddelose gebruike, soos met Dawid van ouds wat baie [a]vroue en byvroue begeer het, en ook Salomo, sy seun.

16 Ja, en hulle het ook begin soek na baie goud en silwer, en begin om tot ′n mate verhef te word in hoogmoed.

17 Daarom, ek, Jakob, het aan hulle hierdie woorde gegee terwyl ek hulle in die [a]tempel geleer het, nadat ek eers my [b]opdrag verkry het van die Here.

8*a* GS Rebellie.
*b* 1 Ne. 17:30; Alma 12:36–37; Hel. 7:18.
*c* JSV Matt. 16:25–26 (Bylae); Lk. 14:27.
9*a* 2 Ne. 1:14.
*b* GS Salf.
*c* 2 Ne. 6:2; Jarom 1:7.
10*a* 1 Ne. 4:9; 2 Ne. 5:14; WvM 1:13; Mosia 1:16; L&V 17:1.
13*a* Enos 1:13; L&V 3:18.
*b* GS Nefiete.
*c* 1 Ne. 4:35; 4 Ne. 1:36–37.
14*a* Mosia 25:12; Alma 2:11.
*b* 2 Ne. 4:11.
*c* 2 Ne. 5:9.
15*a* L&V 132:38–39.
17*a* 2 Ne. 5:16. GS Tempel, Huis van die Here.
*b* GS Roep, Geroepe van God, Roeping.

18 Want ek, Jakob, en my broer
Josef, is [a]gewy as priesters en le-
raars van hierdie volk, deur die
hand van Nefi.
19 En ons het ons [a]amp verheer-
lik vir die Here, deur op ons die
[b]verantwoordelikheid te neem om
die sondes van die volk op ons eie
hoofde te neem as ons hulle nie
die woord van God geleer het met
alle ywer nie; daarom, deur te ar-
bei met ons mag, dat hulle [c]bloed
nie op ons kleding mag kom nie;
anders sou hulle bloed op ons kle-
ding kom, en ons sou nie vlek-
keloos gevind word op die laaste
dag nie.

## HOOFSTUK 2

*Jakob veroordeel die versugting na rykdom, hoogmoed en onkuisheid—Mense mag rykdom soek om hul medemens te help—Die Here gebied dat geen man onder die Nefiete meer as een vrou mag hê nie—Die Here skep behae in die kuisheid van vroue. Ongeveer 544–421 v.C.*

Die woorde wat Jakob, die broer
van Nefi, gespreek het met die
volk van Nefi, na die dood van
Nefi:
2 Nou, my geliefde broers, ek,
Jakob, ooreenkomstig die ver-
antwoordelikheid waaronder ek
verkeer teenoor God, om my amp
te verheerlik met erns en dat ek
my kleding kan reinig van julle
sondes, kom ek op in die tempel
hierdie dag dat ek aan julle die
woord van God mag verkondig.
3 En julleself weet dat ek tot nou
ywerig was in die amp van my
roeping; maar ek is vandag ter-
neergedruk met baie meer be-
geerte en besorgdheid vir die
welsyn van julle siele as wat ek
tot nou was.
4 Want kyk, tot dusver was julle
gehoorsaam aan die woord van
die Here, wat ek aan julle gegee
het.
5 Maar kyk, slaan ag op my, en
weet dat deur die hulp van die
almagtige Skepper van hemel
en aarde ek julle kan vertel aan-
gaande julle [a]gedagtes, hoedat
julle begin om in sonde te han-
del, welke sonde baie gruwelik
vir my voorkom, ja, en gruwelik
vir God.
6 Ja, dit bedroef my siel en laat
my krimp van skaamte in die
teenwoordigheid van my Ma-
ker, dat ek moet getuig aan julle
aangaande die boosheid van julle
harte.
7 En ook bedroef dit my dat ek
soveel [a]uitgesprokenheid van
spraak moet gebruik aangaande
julle, voor jul vroue en jul kin-
ders, vele van wie se gevoelens
uitermate teer en [b]kuis en week
voor God is, welke ding welge-
vallig is vir God;
8 En ek veronderstel dat hulle
hierheen opgekom het om die
aangename [a]woord van God te

18*a* 2 Ne. 5:26.
19*a* GS Amp, Ampsdraer.
*b* L&V 107:99–100.
GS Rentmeester,
Rentmeesterskap.
*c* 2 Ne. 9:44.
**2** 5*a* Alma 12:3;
L&V 6:16.
GS God, Godheid.
7*a* L&V 121:43.
*b* GS Kuisheid.
8*a* Alma 31:5.

hoor, ja, die woord wat die verwonde siel genees.

9 Daarom, dit beswaar my siel dat ek gedwing sal wees, vanweë die streng gebod wat ek ontvang het van God, om julle te vermaan volgens julle misdade, om die wonde te vergroot van diegene wat alreeds gewond is, in stede daarvan om te troos en hulle wonde te genees; en diegene wat nie gewond is nie, in stede daarvan om julle te verlustig in die aangename woord van God, om dolke te plaas om hulle siele te deurboor en hulle tere verstand te verwond.

10 Maar, nieteenstaande die grootheid van die taak, moet ek handel volgens die streng [a]gebooie van God, en julle vertel aangaande julle boosheid en gruwels, in die teenwoordigheid van die reines van hart, en die gebroke hart, en onder die blik van die [b]deurdringende oog van die Almagtige God.

11 Daarom, ek moet julle die waarheid vertel volgens die [a]duidelikheid van die woord van God. Want kyk, terwyl ek van die Here gevra het, so het die woord tot my gekom, en gesê: Jakob, gaan jy môre op na die tempel, en verkondig die woord wat Ek jou sal gee aan hierdie volk.

12 En nou kyk, my broers, dit is die woord wat ek aan julle verkondig, dat baie van julle begin soek het na goud, en na silwer, en na allerhande kosbare [a]ertse, wat in hierdie land, wat 'n [b]land van belofte is, vir julle en vir julle saad, veelvuldig is.

13 En die hand van die voorsienigheid het besonder vriendelik teenoor julle geglimlag, sodat julle baie rykdom verkry het; en omdat sommige van julle meer oorvloediglik verkry het as dié van julle broers, is julle [a]verhewe in die hoogmoed van julle harte, en loop met stywe nekke en hooggerigte koppe vanweë julle duur kleding, en vervolg julle broers omdat julle veronderstel dat julle beter is as hulle.

14 En nou, my broers, veronderstel julle dat God julle regverdig in hierdie ding? Kyk, ek sê vir julle, Nee. Maar Hy veroordeel julle, en as julle volhou met hierdie dinge, moet sy oordele spoedig oor julle kom.

15 O, dat Hy julle kan toon dat Hy julle kan deursteek, en met een blik van sy oog kan hy julle tot in die stof neerslaan!

16 O, dat Hy julle sou verlos van hierdie ongeregtigheid en gruwel! En o, dat julle sou luister na die woord van sy gebooie, en nie toelaat dat hierdie [a]hoogmoed van julle harte julle siele vernietig nie!

17 Dink aan julle broers soos aan julleself, en wees vriendelik teenoor almal en vrygewig met julle [a]besittings, dat [b]hulle ryk mag wees soos julle.

10 *a* GS Gebooie van God.
*b* 2 Ne. 9:44.
11 *a* 2 Ne. 25:4; 31:2–3.
12 *a* 1 Ne. 18:25; Hel. 6:9–11; Ether 10:23.
*b* 1 Ne. 2:20. GS Beloofde Land.
13 *a* Morm. 8:35–39.
16 *a* GS Hoogmoed.
17 *a* GS Aalmoes, Aalmoese Gee; Welsyn.
*b* 4 Ne. 1:3.

18 Maar voordat julle soek na
[a]rykdom, soek julle na die [b]koninkryk van God.
19 En nadat julle 'n hoop verkry
het in Christus, sal julle rykdom verkry, as julle dit soek; en julle sal dit soek met die doel om [a]goed te doen—om die naaktes te klee, en om die hongeres te voed, en die gevangenes te bevry, en verligting te bring vir die siekes en aan die geteisterdes.
20 En nou, my broers, ek het met
julle gespreek aangaande hoogmoed; en diegene van julle wat jul naaste geteister het, en hom vervolg het omdat julle hoogmoedig was in julle harte, oor die dinge wat God aan julle gegee het, wat sê julle daarvan?
21 Veronderstel julle nie dat
sulke dinge gruwelik is vir Hom wat alle vlees geskape het nie? En die een wese is so kosbaar in sy oë as die ander. En alle vlees is uit die stof; en met dieselfde doel het Hy hulle geskape, dat hulle sy [a]gebooie sal onderhou en Hom verheerlik vir ewig.
22 En nou maak ek 'n einde
daaraan om met julle te spreek aangaande hierdie hoogmoed. En as dit nie was dat ek met julle moet spreek oor 'n erger misdaad nie, sou my hart hom uitermate verheug vanweë julle.
23 Maar die woord van God be-
swaar my vanweë jul erger misdade. Want kyk, so sê die Here: Hierdie volk begin om toe te neem in ongeregtigheid; hulle verstaan nie die skrifture nie, want hulle soek om hulself te verskoon om hoererye te pleeg, vanweë die dinge wat geskryf is aangaande Dawid en Salomo sy seun.
24 Kyk, Dawid en [a]Salomo het
waarlik baie [b]vroue en byvroue gehad, welke ding gruwelik voor My was, sê die Here.
25 Daarom, so sê die Here, ek
het hierdie volk uitgelei uit die land Jerusalem, deur die krag van my arm, dat Ek vir my 'n [a]regverdige tak mag oprig van die vrug van die lendene van Josef.
26 Daarom, Ek, die Here God,
sal nie toelaat dat hierdie volk sal doen soos hulle van ouds nie.
27 Daarom, my broers, hoor my,
en slaan ag op die woord van die Here: Want daar sal geen man onder julle meer as net [a]een vrou hê nie; en geen byvroue sal hy hê nie.
28 Want Ek, die Here God, skep
behae in die [a]kuisheid van vroue. En hoererye is 'n gruwel voor My; so sê die Here van die Leërskare.
29 Daarom, hierdie volk sal my
gebooie onderhou, sê die Here van die Leërskare, anders sal die land [a]vervloek wees vanweë hulle.

18*a* 1 Kon. 3:11–13; Mark. 10:17–27; 2 Ne. 26:31; L&V 6:7. GS Rykdom.
*b* Lk. 12:22–31.
19*a* Mosia 4:26.
21*a* L&V 11:20; Abr. 3:25–26.
24*a* 1 Kon. 11:1; Neh. 13:25–27.
*b* 1 Kon. 11:1–3; Esra 9:1–2; L&V 132:38–39.
25*a* Gén. 49:22–26; Amos 5:15; 2 Ne. 3:5; Alma 26:36. GS Lehi, Vader van Nefi.
27*a* L&V 42:22; 49:16. GS Huwelik, Trou.
28*a* GS Kuisheid.
29*a* Ether 2:8–12.

30 Want, sê die Here van die Leërskare, as Ek [a]saad vir My wil verwek, sal Ek my volk gebied; anders sal hulle ag slaan op hierdie dinge.

31 Want kyk, Ek, die Here, het die droefheid gesien, en het die rouklag gehoor van die dogters van my volk in die land Jerusalem, ja, en in al die lande van my volk, vanweë die boosheid en die gruwels van hulle mans.

32 En Ek sal nie toelaat, sê die Here van die Leërskare, dat die geroep van die mooi dogters van hierdie volk, wat Ek uitgelei het uit die land Jerusalem, sal opkom tot My teen die mans van my volk nie, sê die Here van die Leërskare.

33 Want hulle sal nie die dogters van my volk gevange wegvoer vanweë hulle teerheid nie, tensy Ek hulle sal besoek met ′n swaar vervloeking, en wel tot vernietiging; want hulle sal nie [a]hoererye pleeg soos hulle van ouds nie, sê die Here van die Leërskare.

34 En nou, kyk, my broers, julle weet dat hierdie gebooie gegee is aan ons vader Lehi; daarom, julle het hulle vantevore geken; en julle het onder groot veroordeling gekom; want julle het hierdie dinge gedoen wat julle nie moes doen nie.

35 Kyk, julle het [a]groter ongeregtighede gedoen as die Lamaniete, ons broers. Julle het die harte van julle teergevoelige vroue gebreek, en die vertroue van julle kinders verloor, vanweë julle slegte voorbeelde voor hulle; en die snikke van hulle harte verrys tot God teen julle. En vanweë die strengheid van die woord van God wat teen julle neerkom, het baie harte gesterwe, deursteek met diep wonde.

## HOOFSTUK 3

*Die reines van hart ontvang die aangename woord van God—Lamanitiese regverdigheid oortref dié van die Nefiete—Jakob waarsku teen ontug, wellus en elke sonde. Ongeveer 544–421 v.C.*

Maar kyk, ek, Jakob, wil met julle spreek wat rein van hart is. Vertrou op God met vastigheid van denke, en bid tot Hom met uitermate geloof, en Hy sal julle vertroos in jul verdrukkinge, en Hy sal julle saak bepleit, en geregtigheid afstuur op diegene wat julle vernietiging soek.

2 O almal van julle wat rein van hart is, lig op julle hoofde en ontvang die aangename woord van God, en verlustig julle in sy liefde; want julle mag, indien julle denke [a]standvastig is, vir ewig.

3 Maar wee, wee julle wat nie rein van hart is nie, wat dié dag vieslik is voor God; want tensy julle bekeer, is die land vervloek vanweë julle; en die Lamaniete, wat nie [a]vieslik is soos julle nie,

30*a* Mal. 2:15; L&V 132:61–66.
33*a* GS Seksuele Onsedelikheid; Wellus, Wellustigheid.
35*a* Jakob 3:5–7.
**3** 2*a* Alma 57:26–27.
3*a* GS Vieslik, Vieslikheid.

nietemin, hulle is [b]vervloek met ʼn
swaar vervloeking, hulle sal julle
gésel tot vernietiging toe.
4 En die tyd kom spoedig, dat
tensy julle bekeer, hulle die land
van jou erfenis sal besit, en die
Here God sal die regverdiges
[a]weglei onder julle.
5 Kyk, die Lamaniete, julle
broers, vir wie julle haat vanweë
hulle vieslikheid en die vervloeking
wat op hulle velle gekom
het, is meer regverdig as julle;
want hulle het nie die gebod van
die Here [a]vergeet, wat aan ons
vader gegee is nie—dat hulle net
een vrou moet hê, en byvroue
moet hulle geen hê nie, en daar
moet nie hoererye gepleeg word
onder hulle nie.
6 En nou, hierdie gebod poog
hulle om te onderhou; daarom,
vanweë hierdie nakoming, deur
die onderhouding van hierdie gebod,
sal die Here God hulle nie
vernietig nie, maar sal [a]barmhartig
wees teenoor hulle; en eendag
sal hulle ʼn geseënde volk word.
7 Kyk, hulle mans het hul vroue
[a]lief, en hul vroue het hul mans
lief; en hul mans en hul vroue het
hul kinders lief; en hul ongeloof
en hul haat teenoor julle is vanweë
die ongeregtigheid van hul
vaders; daarom, hoeveel beter is
julle as hulle in die oë van julle
groot Skepper?
8 O my broers, ek vrees dat tensy
julle sal bekeer van julle sondes,
dat hulle velle witter sal wees as
julle sʼn, wanneer julle saam met
hulle voor die troon van God gebring
sal word.
9 Daarom, ʼn gebod gee ek aan
julle, wat die woord van God is,
dat julle nie langer uitvaar teen
hulle vanweë die donkerheid van
hul vel nie; nóg sal julle teen hulle
uitvaar vanweë hul vieslikheid;
maar julle sal jul eie vieslikheid
onthou, en onthou dat hulle vieslikheid
gekom het vanweë hulle
vaders.
10 Daarom, julle sal jul [a]kinders
onthou, hoedat julle hul harte bedroef
het vanweë die voorbeeld
wat julle voor hulle gestel het;
en ook, onthou dat julle, vanweë
julle vieslikheid, jul kinders tot
vernietiging mag bring, en hulle
sondes op julle hoofde sal neerkom
op die laaste dag.
11 O my broers, slaan ag op my
woorde; wek die vermoëns van
julle siele op; skud julleself dat
julle mag [a]wakker word uit die
sluimering van die dood; en maak
julleself los van die pyniginge van
die [b]hel dat julle nie [c]engele van
die duiwel mag word om in die
poel van vuur en swael gewerp te
word wat die tweede [d]dood is nie.
12 En nou ek, Jakob, het baie
meer dinge gespreek met die
volk van Nefi, om hulle te waarsku
teen [a]ontug en [b]wellus, en

3*b* 1 Ne. 12:23.
4*a* Omni 1:5–7, 12–13.
5*a* Jakob 2:35.
6*a* 2 Ne. 4:3, 6–7; Hel. 15:10–13.
7*a* GS Gesin; Liefde.
10*a* GS Kind, Kinders.
11*a* Alma 5:6–9.
*b* GS Hel.
*c* 2 Ne. 9:8–9.
*d* GS Dood, Geestelike.
12*a* GS Ontug.
*b* GS Begeerte, Groot; Boos, Boosheid.

elke soort sonde, en om hulle te
vertel van die vreeslike gevolge
daarvan.
13 En ʼn honderdste deel van
die handelinge van hierdie volk,
wat nou begin het om talryk te
word, kan nie geskrywe word op
[a]hierdie plate nie; maar baie van
hulle handelinge is geskrywe op
die groter plate, en hulle oorloë,
en hulle twiste, en die heerskap-
pye van hulle konings.
14 Hierdie plate word die plate
van Jakob genoem, en hulle is ge-
maak deur die hand van Nefi. En
ek maak ʼn einde aan die spreek
van hierdie woorde.

## HOOFSTUK 4

*Al die profete het die Vader aanbid in die naam van Christus—Abraham se offerande van Isak was ʼn sinnebeeld van God en sy Eniggeborene—Mense moet hulleself versoen met God deur die Versoening—Die Jode sal die fondamentsteen verwerp. Ongeveer 544–421 v.C.*

Nou kyk, dit het gebeur dat ek,
Jakob, wat my volk met veel pre-
diking in woord gedien het (en ek
kan slegs ʼn paar van my woorde
skryf vanweë die moeilikheid
van gravering van ons woorde op
plate), en ons weet dat die dinge
wat ons op plate skryf, moet bly;
2 Maar watter dinge ons ook al
op enigiets skryf behalwe as op
plate, moet vergaan en verdwyn;
maar ons kan ʼn paar woorde skryf
op plate, wat ons kinders, en ook
ons geliefde broers, ʼn geringe
mate van kennis sal gee aangaande
ons, of aangaande hulle vaders—
3 Nou verbly ons ons in hier-
die ding; en ons werk ywerig
om hierdie woorde te graveer op
plate, met die hoop dat ons ge-
liefde broers en ons kinders hulle
sal ontvang met dankbare harte,
en hulle bestudeer, sodat hulle
met vreugde mag leer en nie met
droefheid nie, nóg met minagting,
aangaande hulle eerste ouers.
4 Want, met hierdie bedoeling
het ons hierdie dinge geskrywe,
dat hulle mag weet dat ons [a]ge-
weet het van Christus, en ons het
ʼn hoop gehad van sy heerlikheid
baie honderde jare voor sy koms;
en nie alleen het ons ʼn hoop ge-
had van sy heerlikheid nie, maar
ook al die heilige [b]profete wat
voor ons was.
5 Kyk, hulle het in Christus ge-
glo en die Vader in sy Naam [a]aan-
bid, en ons het ook die Vader in
sy Naam aanbid. En met hierdie
bedoeling onderhou ons die [b]wet
van Moses, want dit [c]rig ons siele
op Hom; en om hierdie rede is dit
tot ons geheilig vir regverdigheid,
net soos dit tot Abraham gereken
was in die wildernis om gehoor-
saam te wees aan die bevele van
God deur sy seun Isak te offer,

---

13*a* 1 Ne. 19:1–4; Jakob 1:1–4.
**4** 4*a* GS Jesus Christus.
*b* Lk. 24:25–27; Jakob 7:11; Mosia 13:33–35; L&V 20:26.
5*a* Moses 5:8.
*b* 2 Ne. 25:24; Jarom 1:11; Mosia 13:27, 30; Alma 25:15–16. GS Wet van Moses.
*c* Gal. 3:24.

wat ′n sinnebeeld is van God en
sy [d]Eniggebore Seun.

6 Daarom, ons ondersoek die
profete, en ons het baie openbaringe en die gees van [a]profesie;
en omdat ons al hierdie [b]getuies
het, verkry ons ′n hoop, en ons
geloof word onwrikbaar, in soverre dat ons waarlik kan [c]beveel
in die [d]Naam van Jesus en selfs
die bome gehoorsaam ons, of die
berge, of die golwe van die see.

7 Desnieteenstaande, die Here
God toon aan ons ons [a]swakheid,
dat ons mag weet dat dit deur sy
genade is, en sy groot neerdalendhede aan die kinders van mense,
dat ons mag het om hierdie dinge
te doen.

8 Kyk, groot en wonderbaarlik
is die werke van die Here. Hoe
[a]ondeurgrondelik is die dieptes van die [b]verborgenhede van
hom; en dit is onmoontlik dat die
mens al sy weë kan ontdek. En
geen mens [c]ken sy [d]weë nie, behalwe as dit aan hom geopenbaar
word; daarom, broers, verag nie
die openbaringe van God nie.

9 Want kyk, deur die krag van sy
[a]woord het die [b]mens op die aangesig van die aarde gekom, welke
aarde geskape is deur die krag
van sy woord. Daarom, as God
in staat is om te spreek en die wêreld was daar, en om te spreek en
die mens is geskape, o dan, hoekom dan nie in staat wees om die
[c]aarde te beveel, of die werke van
sy hande op die aangesig daarvan, volgens sy wil en behae nie?

10 Daarom, broers, soek nie om
die Here [a]raad te gee nie, maar
om raad van sy hand te ontvang.
Want kyk, julle weet self dat Hy
[b]raad gee in wysheid, en in geregtigheid, en in groot barmhartigheid, oor al sy skeppinge.

11 Daarom, geliefde broers,
wees versoen met Hom deur
die [a]versoening van Christus, sy
[b]Eniggebore Seun, en julle mag ′n
[c]opstanding verkry volgens die
krag van die opstanding wat in
Christus is, en aangebied word
as [d]eerste vrugte van Christus tot
God, deur julle geloof, en ′n gewisse hoop van heerlikheid in
Hom verkry, voordat Hy Hom
geopenbaar het in die vlees.

12 En nou, geliefdes, verwonder julle nie dat ek julle hierdie
dinge vertel nie; want hoekom
nie [a]praat oor die versoening van
Christus nie, en ′n volmaakte kennis van Hom verkry en ook om ′n

---

5 *d* Gén. 22:1–14; Joh. 3:16–18. GS Eniggeborene.
6 *a* GS Profesie, Profeteer.
*b* GS Getuie.
*c* GS Krag.
*d* Hand. 3:6–16; 3 Ne. 8:1.
7 *a* Ether 12:27.
8 *a* Rom. 11:33–36.
*b* L&V 19:10; 76:114. GS Verborgenhede van God.
*c* 1 Kor. 2:9–16; Alma 26:21–22. GS Kennis.
*d* Jes. 55:8–9.
9 *a* Morm. 9:17; Moses 1:32.
*b* GS Mens die, Mense; Skep, Skepping.
*c* Hel. 12:8–17.
10 *a* 2 Ne. 9:28–29; Alma 37:12, 37; L&V 3:4, 13.
*b* GS Alwetend; Wysheid.
11 *a* GS Versoen, Versoening.
*b* Hebr. 5:9.
*c* GS Opstanding.
*d* Mosia 15:21–23; 18:9; Alma 40:16–21.
12 *a* 2 Ne. 25:26.

kennis te verkry van ʼn opstanding en van die toekomstige wêreld nie?

13 Kyk, my broers, hy wat profeteer, laat hom profeteer tot die begrip van mense; want die [a]Gees spreek die waarheid en lieg nie. Daarom, dit spreek van dinge soos hulle regtig [b]is, en van dinge soos hulle regtig sal wees; daarom, hierdie dinge word [c]duidelik aan ons geopenbaar, vir die heil van ons siele. Maar kyk, ons is nie getuies alleen in hierdie dinge nie; want God het dit ook gespreek met die profete van ouds.

14 Maar kyk, die Jode was ʼn [a]hardnekkige volk; en hulle het die woorde van duidelikheid [b]verag, en die profete gedood, en gesoek vir dinge wat hulle nie kon verstaan nie. Daarom, vanweë hulle [c]blindheid, welke blindheid gekom het deur verby die doel te kyk, moet hulle noodwendig val; want God het sy duidelikheid van hulle weggeneem, en aan hulle baie dinge gegee wat hulle [d]nie kan verstaan nie, omdat hulle dit begeer het. En omdat hulle dit begeer het, het God dit gedoen, dat hulle mag struikel.

15 En nou ek, Jakob, word voortgelei deur die Gees om te profeteer; want ek gewaar deur die werking van die Gees wat in my is, dat deur die [a]struikeling van die Jode, hulle die [b]steen sal [c]verwerp waarop hulle kan bou en ʼn veilige fondament hê.

16 Maar kyk, volgens die skrifture sal hierdie [a]steen die groot, en die laaste, en die enigste sekere [b]fondament word, waarop die Jode kan bou.

17 En nou, my geliefdes, hoe is dit moontlik dat diegene, nadat hulle die sekere fondament verwerp het, [a]ooit daarop kan bou, dat dit die hoeksteen kan word?

18 Kyk, my geliefde broers, ek sal dié verborgenheid aan julle ontvou; as ek nie, op een of ander wyse, geskud word in my vastigheid in die Gees, en struikel vanweë my uitermate besorgdheid oor julle nie.

## HOOFSTUK 5

*Jakob haal Zenos aan met betrekking tot die gelykenis van die mak en wilde olyfbome—Hulle stel Israel en die nie-Jode voor—Die verspreiding en versameling van Israel word versinnebeeld—Verwysings word gemaak na die Nefiete en die Lamaniete en die hele huis van Israel—Die nie-Jode sal geënt word by Israel—Uiteindelik sal die wingerd verbrand word. Ongeveer 544–421 v.C.*

---

13*a* GS Heilige Gees; Waarheid.
*b* L&V 93:24.
*c* Alma 13:23.
14*a* Matt. 23:37–38; 2 Ne. 25:2.
*b* 2 Kor. 11:3; 1 Ne. 19:7; 2 Ne. 33:2.
*c* Jes. 44:18; Rom. 11:25.
*d* 2 Ne. 25:1–2.
15*a* Jes. 8:13–15; 1 Kor. 1:23; 2 Ne. 18:13–15.
*b* GS Hoeksteen; Rots.
*c* 1 Ne. 10:11.
16*a* Ps. 118:22–23.
*b* Jes. 28:16; Hel. 5:12.
17*a* Matt. 19:30; L&V 29:30.

KYK, my broers, onthou julle nie
dat julle die woorde gelees het
van die profeet [a]Zenos, wat hy
met die huis van Israel gespreek,
en gesê het:
2 Slaan ag, o julle huis van Is-
rael, en hoor die woorde van my,
ʼn profeet van die Here.
3 Want kyk, so sê die Here, Ek
sal julle vergelyk, o huis van [a]Is-
rael, met ʼn mak [b]olyfboom, wat
ʼn man geneem en versorg het in
sy [c]wingerd; en dit het gegroei,
en oud geword, en begin om te
[d]vergaan.
4 En dit het so gebeur dat die
meester van die wingerd uitge-
gaan het, en hy het gesien dat sy
olyfboom begin om te vergaan;
en hy het gesê: Ek sal dit snoei,
en daaromheen spit, en dit ver-
sorg, dat dit miskien jong en sagte
takke sal uitspruit, en dit nie ver-
gaan nie.
5 En dit het so gebeur dat hy dit
gesnoei het, en daaromheen ge-
spit het, en dit versorg het vol-
gens sy woord.
6 En dit het so gebeur dat na
baie dae dit ʼn bietjie begin uit-
spruit het, jong en sagte takke;
maar kyk, die kroon daarvan het
begin vergaan.
7 En dit het gebeur dat die mees-
ter van die wingerd dit gesien het,
en hy het aan sy dienskneg gesê:
Dit bedroef my dat ek hierdie
boom moet verloor; daarom, gaan
en pluk die takke van ʼn [a]wilde
olyfboom, en bring hulle hier na
my toe; en ons sal daardie hoof-
takke afpluk wat begin om weg te
dor, en ons sal hulle in die vuur
werp sodat hulle verbrand mag
word.
8 En kyk, sê die Heer van die
wingerd, ek neem baie van hier-
die jong en sagte takke weg, en ek
sal hulle ent waar ek ook al wil;
en dit maak nie saak dat as dit so
sal wees dat die wortel van hier-
die boom sal vergaan nie, ek die
vrugte daarvan vir myself mag
behou; daarom, ek sal hierdie
jong en sagte takke neem, en ek
sal hulle inent waar ek ook al wil.
9 Neem jy die takke van die
wilde olyfboom, en ent hulle,
in [a]plaas daarvan; en dié wat ek
afgepluk het, sal ek in die vuur
werp en hulle verbrand, dat hulle
nie die grond van my wingerd be-
mors nie.
10 En dit het gebeur dat die
dienskneg van die Heer van die
wingerd gehandel het volgens die
woord van die Heer van die win-
gerd, en die takke van die [a]wilde
olyfboom geënt het.
11 En die Heer van die wingerd
het opdrag gegee dat daarom-
heen gespit moet word, en ge-
snoei, en versorg word, en hy sê
vir sy dienskneg: Dit bedroef my
dat ek hierdie boom moet verloor;
daarom, dat ek miskien die wor-
tels daarvan mag behou, dat hulle
nie vergaan nie, dat ek hulle vir

**5** 1*a* GS Zenos.
3*a* Eség. 36:8.
GS Israel.
*b* Rom. 11:17–24.
GS Olyfboom.
*c* L&V 101:44.
GS Wingerd van die Here.
*d* GS Afval.
7*a* Rom. 11:17, 24.
9*a* Rom. 1:13.
10*a* GS Nie-Jode.

myself mag behou, het ek hierdie
ding gedoen.
12 Daarom, gaan voort; pas die
boom op en versorg dit, volgens
my woorde.
13 En dié sal ek [a]plaas in die
verste gedeelte van my wingerd,
waar ek ook al wil, dit gaan jou
nie aan nie; en ek doen dit dat ek
vir myself die natuurlike takke
van die boom mag behou; en ook,
dat ek vrugte daarvan vir myself
mag bêre vir die volgende sei-
soen; want dit bedroef my dat ek
hierdie boom en sy vrug sal ver-
loor.
14 En dit het gebeur dat die Heer
van die wingerd voortgegaan het,
en die natuurlike takke verberg
het van die mak olyfboom in die
verste dele van die wingerd, som-
mige in een plek en sommige in
ʼn ander, volgens sy wil en behae.
15 En dit het gebeur dat ʼn lang
tyd verbygegaan het, en die Heer
van die wingerd het aan sy diens-
kneg gesê: Kom, laat ons afgaan
in die wingerd, dat ons mag arbei
in die wingerd.
16 En dit het gebeur dat die
Heer van die wingerd, en ook
die dienskneg, afgegaan het in die
wingerd om te arbei. En dit het
gebeur dat die dienskneg aan sy
meester gesê het: Sien, kyk hier,
aanskou die boom.
17 En dit het gebeur dat die
Heer van die wingerd gekyk het
en die boom aanskou het waarin
die wilde olyftakke geënt was; en
dit het uitgeloop en begin [a]vrugte
dra. En hy het gesien dat dit goed
was; en die vrugte daarvan was
soos die natuurlike vrugte.
18 En hy het aan die dienskneg
gesê: Kyk, die takke van die wilde
boom het vat gekry op die sap
van die wortel daarvan, sodat die
wortel daarvan baie krag voort-
gebring het; en vanweë die groot
krag van die wortel daarvan het
die wilde takke mak vrugte voort-
gebring. Nou, as ons nie hierdie
takke geënt het nie, sou die boom
daarvan vergaan het. En nou,
kyk, ek sal baie vrugte wegbêre,
wat die boom daarvan voortge-
bring het; en die vrugte daarvan
sal ek vir myself bêre vir die vol-
gende seisoen.
19 En dit het gebeur dat die
Heer van die wingerd aan die
dienskneg gesê het: Kom, laat ons
gaan na die verste deel van die
wingerd, en sien of die natuur-
like takke van die boom nie ook
baie vrugte voortgebring het nie,
sodat ek van die vrugte daarvan
mag wegbêre vir die volgende
seisoen, vir myself.
20 En dit het gebeur dat hulle
voortgegaan het tot waar die
meester die natuurlike takke van
die boom verberg het, en hy het
aan die dienskneg gesê: Aanskou
hierdie; en hy het die [a]eerste aan-
skou dat dit baie vrugte voortge-
bring het; en hy het ook aanskou
dat dit goed was. En hy het aan
die dienskneg gesê: Neem van die
vrugte daarvan, en bêre dit vir die
volgende seisoen, sodat ek dit kan

13*a* 1 Ne. 10:12.
17*a* Joh. 15:16.
20*a* Jakob 5:39.

behou vir myself; want kyk, het hy gesê, hierdie lang tyd het ek dit versorg, en dit het baie vrugte voortgebring.

21 En dit het gebeur dat die dienskneg aan sy meester gesê het: Hoe kom u hierheen om dié boom te plant, of hierdie tak van die boom? Want kyk, dit was die swakste stuk grond van die hele land van u wingerd.

22 En die Heer van die wingerd het aan hom gesê: Moenie my raad gee nie; ek het geweet dat dit ʼn swak stuk grond was; daarom, ek het aan jou gesê, ek het dit hierdie lang tyd versorg, en jy sien dat dit baie vrugte voortgebring het.

23 En dit het gebeur dat die Heer van die wingerd aan sy dienskneg gesê het: Kyk hier; sien, ek het ʼn ander tak van die boom ook geplant; en jy weet dat hierdie stuk grond swakker was as die eerste. Maar, aanskou die boom. Ek het dit hierdie lang tyd versorg, en dit het baie vrugte opgelewer; daarom, versamel dit, en bêre dit vir die volgende seisoen, dat ek dit kan behou vir myself.

24 En dit het gebeur dat die Heer van die wingerd weer aan sy dienskneg gesê het: Kyk hier, en sien ʼn ander [a]tak ook, wat ek geplant het; kyk, dat ek dit ook versorg het, en dit het vrugte voortgebring.

25 En hy het aan die dienskneg gesê: Kyk hier, en aanskou die laaste. Kyk, hierdie het ek geplant in ʼn [a]goeie stuk grond; en ek het dit hierdie lang tyd versorg, en slegs ʼn deel van die boom het mak vrugte voortgebring, en die [b]ander deel van die boom het wilde vrugte voortgebring; kyk, ek het hierdie boom versorg soos die ander.

26 En dit het gebeur dat die Heer van die wingerd aan die dienskneg gesê het: Pluk die takke af wat nie goeie [a]vrugte voortgebring het nie, en werp hulle in die vuur.

27 Maar kyk, die dienskneg het aan hom gesê: Laat ons dit snoei, en daaromheen spit, en dit ʼn rukkie langer versorg, dat dit miskien goeie vrugte mag voortbring vir u, dat u dit kan bêre vir die volgende seisoen.

28 En dit het gebeur dat die Heer van die wingerd en die dienskneg van die Heer van die wingerd al die vrugte van die wingerd versorg het.

29 En dit het gebeur dat ʼn lang tyd verbygegaan het, en die Heer van die wingerd het aan sy [a]dienskneg gesê: Kom, laat ons afgaan in die wingerd, dat ons weer mag arbei in die wingerd. Want kyk, die [b]tyd kom nader, en die [c]einde kom gou; daarom, ek moet vrugte vir die volgende seisoen bêre, vir myself.

30 En dit het gebeur dat die Heer van die wingerd en die dienskneg

24*a* Eség. 17:22–24; Alma 16:17; 3 Ne. 15:21–24.
25*a* 1 Ne. 2:20.
*b* 3 Ne. 10:12–13.
26*a* Matt. 7:15–20; Alma 5:36; L&V 97:7.
29*a* L&V 101:55; 103:21.
*b* GS Laaste Dae.
*c* 2 Ne. 30:10; Jakob 6:2.

afgegaan het in die wingerd; en hulle het by die boom gekom waarvan die natuurlike takke afgebreek was, en die wilde takke geënt was; en kyk, [a]allerhande soorte vrugte het die boom oorlaai.

31 En dit het gebeur dat die Heer van die wingerd van die vrugte geproe het, elke soort volgens sy hoeveelheid. En die Heer van die wingerd het gesê: Kyk, hierdie lang tyd het ons dié boom versorg, en ek het vir myself baie vrugte gebêre vir die volgende seisoen.

32 Maar kyk, hierdie keer het dit baie vrugte voortgebring, en daar is [a]niks daarvan wat goed is nie. En kyk, daar is allerhande soorte slegte vrugte; en dit baat my niks, desnieteenstaande al ons arbeid; en nou bedroef dit my dat ek hierdie boom moet verloor.

33 En die Heer van die wingerd het aan die dienskneg gesê: Wat sal ons doen aan die boom, dat ek weer goeie vrugte daarvan vir myself mag bêre?

34 En die dienskneg het aan sy meester gesê: Kyk, omdat u die takke geënt het van die wilde olyfboom, het hulle die wortels gevoed, sodat hulle lewendig is en hulle het nie vergaan nie; daarom, u sien dat hulle nog goed is.

35 En dit het gebeur dat die Heer van die wingerd aan sy dienskneg gesê het: Die boom baat my niks, en die wortels daarvan baat my niks solank as dit slegte vrugte voortbring nie.

36 Nogtans, ek weet dat die wortels goed is, en vir my eie doel het ek hulle behou; en vanweë hulle groot krag het hulle tot nou goeie vrugte van die wilde takke voortgebring.

37 Maar kyk, die wilde takke het gegroei en het die wortels daarvan [a]oorgroei; en omdat die wilde takke die wortels daarvan oorgroei het, het dit baie slegte vrugte voortgebring; en omdat dit soveel slegte vrugte voortgebring het, sien jy dat dit begin vergaan; en dit sal gou ryp word, dat dit in die vuur gewerp mag word, tensy ons iets daaraan doen om dit te behou.

38 En dit het gebeur dat die Heer van die wingerd aan sy dienskneg gesê het: Laat ons afgaan na die verste gedeeltes van die wingerd, en sien of die natuurlike takke ook slegte vrugte voortgebring het.

39 En dit het gebeur dat hulle afgegaan het na die verste gedeeltes van die wingerd. En dit het gebeur dat hulle gesien het dat die vrugte van die natuurlike takke ook bedorwe geword het; ja, die [a]eerste en die tweede en ook die laaste; en hulle het almal bedorwe geword.

40 En die [a]wilde vrugte van die laaste het dié deel van die boom oorgroei wat goeie vrugte

30*a* GS Afval.
32*a* JS—G 1:19.
37*a* L&V 45:28–30.
39*a* Jakob 5:20, 23, 25.
40*a* Morm. 6:6–18.

voortgebring het, totdat die tak verdor het en dood is.

41 En dit het gebeur dat die Heer van die wingerd geween het, en aan die dienskneg gesê het: [a]Wat kon ek meer gedoen het vir my wingerd?

42 Kyk, ek het geweet dat al die vrugte van die wingerd, behalwe hierdie, bedorwe geraak het. En nou hierdie, wat eens goeie vrugte voortgebring het, het ook bedorwe geraak; en nou is al die bome van my wingerd vir niks goed nie behalwe om afgekap en in die vuur gewerp te word.

43 En kyk hierdie laaste, wie se tak verdor het, het ek geplant in ′n [a]goeie stuk grond; ja, en wel dit wat uitverkore was vir my bo alle ander dele van die land van my wingerd.

44 En jy het gesien dat ek ook dít afgekap het wat hierdie stuk grond [a]bemors het, dat ek dié boom mag plant in die plek daarvan.

45 En jy het gesien dat ′n deel daarvan goeie vrugte voortgebring het, en ′n deel daarvan wilde vrugte voortgebring het; en omdat ek nie die takke daarvan afgebreek en in die vuur gewerp het nie, kyk, hulle het die goeie tak oorgroei sodat dit verdor het.

46 En nou, kyk, desnieteenstaande al die sorg wat ons bestee het aan my wingerd, het die bome daarvan bedorwe geword, sodat hulle geen goeie vrugte voortbring nie; en het ek gehoop om hierdie te behou, om die vrug daarvan vir die volgende seisoen vir myself te bêre. Maar kyk, hulle het geword soos die wilde olyfboom, en hulle is vir niks goed nie behalwe om [a]afgekap en in die vuur gewerp te word; en dit bedroef my dat ek hulle moet verloor.

47 Maar wat kon ek meer gedoen het in my wingerd? Het ek my hand verslap, dat ek dit nie versorg het nie? Nee, ek het dit versorg, en ek het daaromheen gespit, en ek het dit gesnoei, en ek het dit bemes; en ek het my hand [a]uitgestrek byna die hele dag lank, en die [b]einde kom nader. En dit bedroef my dat ek al die bome van my wingerd moet afkap, en hulle in die vuur werp dat hulle verbrand moet word. Wie is dit wat my wingerd bederf het?

48 En dit het gebeur dat die dienskneg aan sy meester gesê het: Is dit nie die hoogheid van die wingerd nie—het die takke daarvan nie die wortels oorgroei wat goed is nie? En omdat die takke die wortels daarvan oorgroei het, kyk, hulle het vinniger gegroei as die krag van die wortels, en krag tot hulleself geneem. Kyk, ek sê, is dit nie die rede dat die bome van u wingerd bedorwe geraak het nie?

49 En dit het gebeur dat die Heer van die wingerd aan die dienskneg gesê het: Laat ons heengaan

41 *a* 2 Ne. 26:24.
43 *a* 2 Ne. 1:5.
44 *a* Ether 13:20–21.
46 *a* 3 Ne. 27:11.
47 *a* 2 Ne. 28:32; Jakob 6:4.
*b* GS Wêreld—Einde van die wêreld.

en die bome van die wingerd afkap en hulle in die vuur werp, dat hulle nie die grond van my wingerd sal bemors nie, want ek het alles gedoen. Wat kon ek meer gedoen het vir my wingerd?

50 Maar kyk, die dienskneg het aan die Heer van die wingerd gesê: Spaar dit ’n bietjie [a]langer.

51 En die Heer het gesê: Ja, ek sal dit ’n bietjie langer spaar, want dit bedroef my dat ek die bome van my wingerd moet verloor.

52 Daarom, laat ons van die [a]takke neem van hierdie wat ek geplant het in die verste gedeeltes van my wingerd, en laat ons hulle ent op die boom van waar hulle gekom het; en laat ons van die boom pluk daardie takke waarvan die vrugte die bitterste is, en die natuurlike takke van die boom ent in die plek daarvan.

53 En dit sal ek doen sodat die boom nie mag vergaan nie, sodat ek miskien die wortels daarvan vir myself mag behou vir my eie doeleindes.

54 En kyk, die wortels van die natuurlike takke van die boom wat ek geplant het waar ek wou, is nog lewendig; daarom, sodat ek hulle ook mag behou vir my eie doeleindes, sal ek van die takke van hierdie boom neem, en ek sal hulle daarop [a]ent. Ja, ek sal op hulle die takke van hulle moederboom inent, sodat ek ook die wortels vir myself mag behou, dat wanneer hulle sterk genoeg is, hulle miskien goeie vrugte vir my mag voortbring, en ek nog behae mag hê in die vrugte van my wingerd.

55 En dit het gebeur dat hulle van die natuurlike boom wat wild geword het geneem het, en geënt het in die natuurlike bome, wat ook wild geword het.

56 En hulle het ook van die natuurlike bome geneem wat wild geword het, en geënt op hulle moederboom.

57 En die Heer van die wingerd het aan die dienskneg gesê: Pluk nie die wilde takke van die bome nie, behalwe daardie wat die bitterste is; en in hulle sal jy ent volgens dit wat ek gesê het.

58 En ons sal weer die bome van die wingerd versorg, en ons sal die takke daarvan snoei; en ons sal van die bome daardie takke pluk wat ryp geword het, wat moet vergaan, en hulle in die vuur werp.

59 En dit doen ek dat, miskien, die wortels daarvan krag mag put vanweë hulle goedheid; en vanweë die verwisseling van die takke, sodat die goeie die bose mag oorwin.

60 En omdat ek die natuurlike takke en die wortels daarvan behou het, en dat ek weer die natuurlike takke in hulle moederboom geënt het, en die wortels van die moederboom behou het, dat, miskien, die bome van my wingerd weer goeie [a]vrugte

50*a* Jakob 5:27.
52*a* GS Israel—Die versameling van Israel.
54*a* 1 Ne. 15:12–16.
60*a* Jes. 27:6.

mag voortbring; en dat ek weer vreugde mag hê in die vrugte van my wingerd, en, miskien, dat ek my uitermate mag verheug dat ek die wortels en takke van die eerste vrugte behou het—

61 Daarom, gaan heen, en roep [a]diensknegte, dat ons ywerig mag [b]arbei met ons mag in die wingerd, dat ons die weg mag voorberei, sodat ek weer die natuurlike vrugte mag voortbring, welke natuurlike vrugte goed is en die waardevolste bo alle ander vrugte.

62 Daarom, laat ons heengaan en arbei met ons mag hierdie laaste keer, want kyk, die einde kom nader, en dit is vir die laaste keer dat ek my wingerd sal snoei.

63 Ent die takke; begin by die [a]laastes dat hulle eerste mag wees, en dat die eerstes laaste mag wees, en spit om die bome, beide oud en jonk, die eerste en die laaste; en die laaste en die eerste, dat almal weer eens versorg mag word vir die laaste keer.

64 Daarom, spit rondom hulle, en snoei hulle, en bemes hulle nog ′n keer, vir die laaste keer, want die einde kom nader. En as dit so is dat hierdie laaste ente sal groei, en die natuurlike vrugte voortbring, dan sal jy die weg vir hulle voorberei, sodat hulle mag groei.

65 En soos hulle begin om te groei, sal jy die takke verwyder wat bitter vrugte voortbring, volgens die krag van die goeies en die grootte daarvan; en jy sal nie die slegte takke daarvan tegelyk [a]verwyder nie, uit vrees dat die wortels daarvan te sterk sou wees vir die ent, en die ent daarvan sal vergaan, en ek die bome van my wingerd verloor.

66 Want dit bedroef my dat ek die bome van my wingerd moet verloor; daarom, jy sal die slegtes verwyder na gelang die goeies sal groei, sodat die wortel en die kroon gelyk in krag mag wees, totdat die goeies die slegtes sal oorwin, en die slegtes afgekap word en in die vuur gewerp word, sodat hulle nie die grond van my wingerd bemors nie; en sodoende sal ek die slegtes wegvee uit my wingerd.

67 En die takke van die natuurlike boom sal ek weer ent in die natuurlike boom;

68 En die takke van die natuurlike boom sal ek ent in die natuurlike takke van die boom; en so sal ek hulle weer bymekaar bring, dat hulle die natuurlike vrugte sal voortbring, en hulle sal een wees.

69 En die slegtes sal [a]weggegewerp word, ja, en wel uit die hele land van my wingerd; want kyk, net hierdie een maal sal ek my wingerd snoei.

70 En dit het gebeur dat die Heer van die wingerd sy [a]dienskneg gestuur het; en die dienskneg het gegaan en gedoen soos

61*a* Jakob 6:2; L&V 24:19.
*b* L&V 39:11, 13, 17.
63*a* 1 Ne. 13:42; Ether 13:10–12.
65*a* L&V 86:6–7.
69*a* 1 Ne. 22:15–17, 23; 2 Ne. 30:9–10.
70*a* L&V 101:55; 103:21.

die Heer hom gebied het, en an-
der diensknegte gebring; en hulle
was [b]min.
71 En die Heer van die wingerd
het aan hulle gesê: Gaan heen, en
[a]arbei in die wingerd, met julle
mag. Want kyk, dit is die [b]laaste
keer dat ek my wingerd sal ver-
sorg; want die einde is op hande,
en die seisoen kom spoedig; en
as julle arbei met julle mag saam
met my, sal julle [c]vreugde hê in
die vrugte wat ek vir my sal bêre
vir die tyd wat gou sal kom.
72 En dit het gebeur dat die
diensknegte gegaan en met hulle
magte gearbei het; en die Heer
van die wingerd het ook gearbei
saam met hulle; en hulle het die
bevele gehoorsaam van die Heer
van die wingerd in alle dinge.
73 En daar het weer natuurlike
vrugte in die wingerd begin kom;
en die natuurlike takke het be-
gin groei en uitermate gedy; en
daar is begin om die wilde takke
te pluk en weg te werp; en hulle
het die wortel en die kroon daar-
van gelyk gehou, volgens die
krag daarvan.
74 En so het hulle gearbei, met
alle ywer, volgens die bevele van
die Heer van die wingerd, en wel
totdat die slegtes weggewerp is
uit die wingerd, en die Heer het
vir homself behou dat die bome
weer die natuurlike vrugte voort-
bring; en hulle het geword soos
[a]een liggaam; en die vrugte was
soortgelyk; en die Heer van die
wingerd het die natuurlike vrugte
vir homself behou, wat die kos-
baarste was vir hom vanaf die be-
gin.
75 En dit het gebeur dat toe die
Heer van die wingerd gesien het
dat sy vrugte goed is, en dat sy
wingerd nie langer bedorwe was
nie, het hy sy diensknegte geroep
en aan hulle gesê: Kyk, vir hier-
die laaste keer het ons my win-
gerd versorg; en julle sien dat ek
volgens my wil gedoen het; en
ek het die natuurlike vrugte be-
hou, dat dit goed is, en wel soos
dit was aan die begin. En [a]salig
is julle; want omdat julle ywerig
was om saam met my in my win-
gerd te arbei, en my bevele on-
derhou het, en weer vir my die
[b]natuurlike vrugte gebring het,
sodat my wingerd nie langer be-
dorwe is nie, en die slegtes weg-
gewerp is, kyk, julle sal vreugde
met my hê vanweë die vrugte van
my wingerd.
76 Want kyk, vir ′n [a]lang tyd sal
ek van die vrugte van my win-
gerd vir myself bêre vir die vol-
gende seisoen, wat spoedig kom;
en vir die laaste keer het ek my
wingerd versorg, en dit gesnoei,
en daaromheen gespit, en dit be-
mes; daarom sal ek vir myself die
vrugte vir ′n lang tyd bêre, vol-
gens dit wat ek gespreek het.
77 En wanneer die tyd kom dat
slegte vrugte weer in my wingerd

70 *b* 1 Ne. 14:12.
71 *a* Matt. 21:28; Jakob 6:2–3; L&V 33:3–4.
*b* L&V 39:17; 43:28–30.
*c* L&V 18:10–16.
74 *a* L&V 38:27.
75 *a* 1 Ne. 13:37.
*b* GS Israel.
76 *a* 1 Ne. 22:24–26. GS Millennium.

sal kom, dan sal ek opdrag gee dat die goeies en die slegtes ingesamel word; en die goeies sal ek behou vir myself, en die slegtes sal ek wegwerp in hul eie plek. En dan kom die [a]seisoen en die einde; en my wingerd sal ek met vuur laat [b]verbrand.

## HOOFSTUK 6

*Die Here sal Israel weer versamel in die laaste dae—Die wêreld sal met vuur verbrand word—Mense moet Christus volg om die poel van vuur en swael te vermy. Ongeveer 544–421 v.C.*

En nou, kyk, my broers, soos ek aan julle gesê het dat ek sou profeteer, kyk, dit is my profesie—dat die dinge wat hierdie profeet [a]Zenos gespreek het, aangaande die huis van Israel, waarin hy hulle vergelyk het met 'n mak olyfboom, sekerlik moet geskied.

2 En die dag waarop Hy sy hand weer vir die tweede keer sal uitstrek om sy volk te [a]versamel, is die dag, ja, en wel die laaste keer, dat die [b]diensknegte van die Here sal uitgaan in sy [c]krag, om sy [d]wingerd te [e]versorg en te snoei; en daarna kom die [f]einde spoedig.

3 En hoe geseënd is hulle wat ywerig gearbei het in sy wingerd; en hoe vervloek is hulle wat uitgewerp sal word in hulle eie plek! En die wêreld sal [a]verbrand word met vuur.

4 En hoe barmhartig is onse God teenoor ons, want Hy onthou die huis van [a]Israel, beide wortels en takke; en Hy strek sy [b]hande uit na hulle die hele dag lank; en hulle is 'n [c]hardnekkige en wederstrewige volk; maar soveel as wat nie hulle harte sal verhard nie, sal gered word in die koninkryk van God.

5 Daarom, my geliefde broers, versoek ek julle in woorde van erns dat julle moet bekeer, en moet kom met volle voorneme van hart, en aan God [a]kleef soos Hy aan julle kleef. En terwyl sy [b]arm van barmhartigheid uitgestrek is na julle in die lig van die dag, verhard nie julle harte nie.

6 Ja, vandag, as julle sy stem sal hoor, verhard nie julle harte nie; want waarom sal julle [a]sterwe?

7 Want kyk, nadat julle gevoed is deur die goeie woord van God die hele dag lank, sal julle slegte vrugte voortbring, sodat julle [a]afgekap moet word en in die vuur gewerp word?

---

77*a* Openb. 20:2–10; L&V 29:22–24; 43:29–33; 88:110–116.
*b* GS Wêreld—Einde van die wêreld.
**6** 1*a* Jakob 5:1.
2*a* 1 Ne. 22:10–12; L&V 110:11. GS Herstelling van die Evangelie.
*b* Jakob 5:61.
*c* 1 Ne. 14:14.
*d* GS Wingerd van die Here.
*e* Jakob 5:71.
*f* 2 Ne. 30:10.
3*a* 2 Ne. 27:2; Jakob 5:77; 3 Ne. 25:1.
4*a* 2 Sam. 7:24.
*b* Jakob 5:47.
*c* Mosia 13:29.
5*a* GS Eenheid.
*b* Alma 5:33–34; 3 Ne. 9:14.
6*a* Eség. 18:21–23.
7*a* Alma 5:51–52; 3 Ne. 27:11–12.

8 Kyk, sal julle hierdie woorde
verwerp? Sal julle die woorde
verwerp van die profete; en sal
julle al die woorde verwerp wat
gespreek is aangaande Christus,
nadat sovele gespreek het aan-
gaande Hom; en die goeie woord
van Christus loën, en die krag van
God en die [a]gawe van die Heilige
Gees, en die Heilige Gees blus, en
ʼn bespotting maak van die groot
plan van verlossing, wat vir julle
neergelê is?
9 Weet julle nie dat as julle hier-
die dinge sal doen, dat die mag
van die verlossing en die opstan-
ding, wat in Christus is, julle sal
bring om te staan met skande en
verskriklike [a]skuldbesef voor die
[b]regbank van God nie?
10 En volgens die krag van [a]ge-
regtigheid, want geregtigheid
kan nie geloën word nie, moet
julle weggaan in daardie [b]poel
van vuur en swael, waarvan die
vlamme onblusbaar is, en waar-
van die rook opstyg vir ewig en
ewig, welke poel van vuur en
swael [c]eindelose [d]pyniging is.
11 O, dan, my geliefde broers,
bekeer julle, en gaan in by die
[a]eng poort, en volhard in die weg
wat smal is, totdat julle die ewige
lewe sal verkry.
12 O wees [a]wys; wat kan ek
meer sê?
13 Eindelik, ek sê vir julle vaar-
wel, totdat ek julle sal ontmoet
voor die aangename regbank van
God, welke regbank die godde-
lose tref met [a]vreeslike angs en
vrees. Amen.

## HOOFSTUK 7

*Sjerem verloën Christus, stry met Jakob, eis ʼn teken, en word geslaan deur God—Al die profete het van Christus en sy Versoening gespreek—Die Nefiete het as swerwers hulle dae uitgelewe, gebore in beproewing, en gehaat deur die Lamaniete. Ongeveer 544–421 v.C.*

En nou het dit gebeur dat nadat
etlike jare verbygegaan het, het
daar ʼn man gekom onder die
volk van Nefi, wie se naam Sje-
rem was.
2 En dit het gebeur dat hy begin
preek het onder die volk, om aan
hulle te verklaar dat daar geen
Christus sou wees nie. En hy het
baie dinge gepreek wat vleiend
vir die volk was; en dit het hy ge-
doen dat hy die leer van Christus
omver mag werp.
3 En hy het ywerig gearbei dat
hy die harte van die volk mag
weglei; in soverre dat hy baie
harte weggelei het; en hy, we-
tende dat ek, Jakob, geloof gehad
het in Christus wat sou kom, het
hy vele geleenthede gesoek dat
hy na my mag kom.
4 En hy was geleerd, sodat hy ʼn
volmaakte kennis gehad het van

8*a* GS Gawe van die Heilige Gees.
9*a* Mosia 15:26. GS Skuld.
*b* GS Oordeel, Die Laaste.
10*a* GS Geregtigheid.
*b* 2 Ne. 28:23. GS Hel.
*c* L&V 19:10–12.
*d* GS Verdoemenis.
11*a* 2 Ne. 9:41.
12*a* Morm. 9:28.
13*a* Alma 40:14.

die taal van die volk; daarom kon
hy baie vleitaal gebruik, en baie
oorredingsvermoë, volgens die
mag van die duiwel.
5 En hy het hoop gehad om my te
skud van die geloof, desnieteen-
staande die baie [a]openbarings en
die baie dinge wat ek gesien het
aangaande hierdie dinge; want
ek het waarlik engele gesien, en
hulle het my gedien. En ook het
ek die stem van die Here gehoor
wat letterlik met my gespreek het,
van tyd tot tyd; daarom kon ek
nie geskud word nie.
6 En dit het gebeur dat hy na
my toe gekom het, en volgens
hierdie wyse het hy met my ge-
spreek, en gesê: Broer Jakob, ek
het vele geleenthede gesoek dat
ek met jou mag spreek; want ek
het gehoor en weet ook dat jy baie
rondgaan, en dit preek wat jy die
evangelie noem, of die leer van
Christus.
7 En jy het baie van hierdie volk
weggelei dat hulle die regte weg
van God verdraai, en nie die wet
van Moses [a]onderhou, wat die
regte weg is nie; en verander die
wet van Moses tot die aanbidding
van ʼn wese wat jy sê oor hon-
derde jare sal kom. En nou kyk,
ek, Sjerem, verklaar aan jou dat dit
godslastering is; want geen mens
weet van sulke dinge nie; want hy
[b]kan nie sê van toekomstige dinge
nie. En volgens hierdie wyse het
Sjerem teen my gestry.
8 Maar kyk, die Here God het sy
[a]Gees in my siel ingestort, in so-
verre dat ek hom beskaam het in
al sy woorde.
9 En ek het aan hom gesê: Loën
jy die Christus wat sal kom? En hy
het gesê: As daar ʼn Christus sou
wees, sou ek Hom nie loën nie;
maar ek weet dat daar geen Chris-
tus is, nóg was, nóg ooit sal wees.
10 En ek het aan hom gesê: Glo
jy die skrifture? En hy het gesê, Ja.
11 En ek sê vir hom: Dan begryp
jy hulle nie; want hulle getuig
waarlik van Christus. Kyk, ek sê
vir jou dat nie een van die profete
geskryf het, nóg [a]geprofeteer het,
behalwe dat hulle gespreek het
aangaande hierdie Christus.
12 En dit is nie al nie—dit is aan
my geopenbaar, want ek het ge-
hoor en gesien; en dit is ook aan
my geopenbaar deur die [a]krag
van die Heilige Gees; daarom,
ek weet dat as daar geen versoe-
ning gemaak sal word nie, moet
die hele mensdom [b]verlore gaan.
13 En dit het gebeur dat hy aan
my gesê het: Wys vir my ʼn [a]teken
deur hierdie mag van die Heilige
Gees, waardeur jy soveel weet.
14 En ek het aan hom gesê: Wat
is ek dat ek God sou versoek om
aan jou ʼn teken te toon van die
ding wat jy weet [a]waar is? Tog

**7** 5*a* 2 Ne. 11:3; Jakob 2:11.
7*a* Jakob 4:5.
*b* Alma 30:13.
8*a* GS Inspirasie, Inspireer.
11*a* Openb. 19:10; 1 Ne. 10:5; Jakob 4:4; Mosia 13:33–35; L&V 20:26. GS Jesus Christus.
12*a* GS God, Godheid—God die Heilige Gees; Heilige Gees.
*b* 2 Ne. 2:21.
13*a* Matt. 16:1–4; Alma 30:43–60. GS Teken.
14*a* Alma 30:41–42.

sal jy dit ontken, omdat jy van die [b]duiwel is. Nogtans, nie my wil geskied nie; maar as God jou sal slaan, laat dit 'n teken vir jou wees dat Hy mag het, beide in die hemel en op aarde; en ook, dat Christus sal kom. En u wil, o Here, geskied, en nie myne nie.

15 En dit het gebeur dat toe ek, Jakob, hierdie woorde gespreek het, het die mag van die Here op hom gekom, in soverre dat hy neergeval het op die aarde. En dit het gebeur dat hy gevoed is vir 'n tydperk van baie dae.

16 En dit het gebeur dat hy aan die volk gesê het: Kom môre bymekaar, want ek sal sterwe; daarom, ek begeer om met die volk te spreek voordat ek sal sterwe.

17 En dit het gebeur dat die volgende dag die skare bymekaar gekom het; en hy het duidelik met hulle gespreek en die dinge herroep wat hy hulle geleer het, en die Christus bely, en die mag van die Heilige Gees, en die bediening van engele.

18 En hy het duidelik gespreek met hulle, dat hy [a]bedrieg was deur die mag van die [b]duiwel. En hy het gespreek van die hel, en van ewigheid en van ewige straf.

19 En hy het gesê: Ek vrees dat ek die [a]onvergeeflike sonde gepleeg het, want ek het vir God gelieg; want ek het die Christus geloën, en gesê dat ek die skrifture glo; en hulle getuig waarlik van Hom. En omdat ek sodoende vir God gelieg het, vrees ek grootliks dat my toestand [b]vreeslik sal wees; maar ek bely voor God.

20 En dit het gebeur dat toe hy hierdie woorde gesê het, kon hy nie meer sê nie, en hy het die [a]gees gegee.

21 En toe die skare aanskou het dat hy hierdie dinge gespreek het terwyl hy op die punt gestaan het om die gees te gee, was hulle uitermate verbaas; in soverre dat die krag van God neergekom het op hulle, en hulle is [a]oorweldig sodat hulle op die aarde neergeval het.

22 Nou, hierdie ding was verblydend vir my, Jakob, want ek het dit versoek van my Vader wat in die hemel is; want Hy het my geroep gehoor en my gebed verhoor.

23 En dit het gebeur dat vrede en die liefde van God weer herstel is onder die volk; en hulle het die skrifture [a]ondersoek, en het nie meer ag geslaan op die woorde van hierdie bose man nie.

24 En dit het gebeur dat baie middele bedink is om die Lamaniete [a]terug te bring en te herstel tot die kennis van die waarheid; maar dit alles was [b]tevergeefs, want hulle het behae geskep in [c]oorloë en [d]bloedvergieting, en

---

14*b* Alma 30:53.
18*a* Alma 30:53. GS Bedrog, Bedrieg, Bedrieër.
*b* GS Duiwel.
19*a* GS Onvergeeflike Sonde.
*b* Mosia 15:26.
20*a* Jer. 28:15–17.
21*a* Alma 19:6.
23*a* Alma 17:2.
24*a* Enos 1:20.
*b* Enos 1:14.
*c* Mosia 10:11–18.
*d* Jarom 1:6; Alma 26:23–25.

hulle het ʼn ewige [e]haat gehad teenoor ons, hulle broers. En hulle het gesoek om ons deur die mag van hulle wapens voortdurend te vernietig.

25 Daarom, die volk van Nefi het hulle versterk teen hulle met hul wapens, en met al hulle mag, vertrouend op die God en [a]rots van hulle heil; daarom was hulle steeds oorwinnaars van hul vyande.

26 En dit het gebeur dat ek, Jakob, begin het om oud te word; en omdat die kronieke van hierdie volk bygehou word op die [a]ander plate van Nefi, daarom sluit ek hierdie kroniek af, en verklaar dat ek geskryf het volgens die beste van my kennis, deur te sê dat die tyd met ons verbygegaan het, en ook ons [b]lewens het verbygegaan asof dit vir ons soos ʼn droom was, ons wat ʼn eensame en ernstige volk is, swerwers, uitgewerp uit Jerusalem, gebore in beproewing, in ʼn wildernis, en gehaat deur ons broers, wat oorloë en twiste veroorsaak het; daarom het ons al ons dae in rou deurgebring.

27 En ek, Jakob, het gesien dat ek spoedig moes afgaan na my graf; daarom, ek het aan my seun [a]Enos gesê: Neem hierdie plate. En ek het hom vertel van die dinge wat my broer Nefi my [b]beveel het, en hy het gehoorsaamheid belowe aan die bevele. En ek maak ʼn einde aan my skrywe op hierdie plate, welke skrywe klein was; en aan die leser sê ek vaarwel, terwyl ek hoop dat baie van my broers my woorde mag lees. Broers, vaarwel.

# DIE BOEK VAN ENOS

*Enos bid kragtig en verkry vergifnis van sy sondes—Die stem van die Here kom in sy verstand wat heil beloof vir die Lamaniete in ʼn toekomstige dag—Die Nefiete het gepoog om die Lamaniete terug te win—Enos verbly hom in sy Verlosser. Ongeveer 420 v.C.*

1 KYK, dit het gebeur dat ek [a]Enos, wetende dat my vader ʼn [b]opregte man was—want hy het my [c]geleer in sy taal, en ook in die [d]onderwysing en vermaning van die Here—en prys die Naam van my God daarvoor—

2 En ek sal julle vertel van die

24*e* 2 Ne. 5:1–3; Mosia 28:2.
25*a* GS Rots.
26*a* 1 Ne. 19:1–6; Jarom 1:14–15. GS Plate.
*b* Jak. 4:14.
27*a* Enos 1:1.
*b* Jakob 1:1–4.

[ENOS]
**1** 1*a* GS Enos, Seun van Jakob.
*b* 2 Ne. 2:2–4.
*c* 1 Ne. 1:1–2.
*d* Efés. 6:4.

[a]worsteling wat ek voor God gehad het, voordat ek [b]vergifnis van my sondes ontvang het.

3 Kyk, ek het gegaan om wilde diere in die woude te jag; en die woorde wat ek my vader dikwels hoor spreek het aangaande die ewige lewe, en die [a]vreugde van die heiliges, het diep in my hart [b]ingesink.

4 En my siel het [a]gehonger; en ek het [b]neergekniel voor my Maker, en ek het tot Hom geroep in magtige [c]gebed en smeking vir my eie siel; en die hele dag lank het ek tot Hom geroep; ja, en toe die nag kom, het ek steeds my stem hoog verhef sodat dit die hemele bereik het.

5 En daar het ′n [a]stem na my gekom, wat sê: Enos, jou sondes is jou vergewe, en jy sal geseën word.

6 En ek, Enos, het geweet dat God nie kon lieg nie; daarom, my skuld is weggevee.

7 En ek het gesê: Here, hoe word dit gedoen?

8 En Hy het aan my gesê: Vanweë jou [a]geloof in Christus, wie jy nooit tevore gehoor of gesien het nie. En baie jare gaan verby voordat Hy Hom sal openbaar in die vlees; daarom, gaan heen, jou geloof het jou [b]gereinig.

9 Nou, dit het gebeur dat toe ek hierdie woorde gehoor het, het ek ′n [a]begeerte begin voel vir die welsyn van my broers, die Nefiete; daarom het ek my hele siel [b]uitgestort tot God vir hulle.

10 En terwyl ek aldus geworstel het in die gees, kyk, die stem van die Here het weer in my [a]verstand gekom, en gesê: Ek sal jou broers besoek volgens hulle ywer om my gebooie te onderhou. Ek het aan hulle hierdie land [b]gegee, en dit is ′n heilige land; en Ek [c]vervloek dit nie behalwe as dit oor ongeregtigheid is; daarom, Ek sal jou broers besoek volgens wat Ek gesê het; en hulle oortredings sal Ek neerbring met droefheid op hulle eie hoofde.

11 En nadat ek, Enos, hierdie woorde gehoor het, het my geloof onwankelbaar begin word in die Here; en ek het tot Hom gebid met baie lange worstelinge vir my broers, die Lamaniete.

12 En dit het gebeur dat nadat ek [a]gebid en met alle ywer gearbei het, het die Here aan my gesê: Ek sal aan jou gee volgens jou [b]begeertes, vanweë jou geloof.

13 En nou kyk, dit was die begeerte wat ek van Hom begeer het—dat as dit so sou wees, dat

2 *a* Gén. 32:24–32; Alma 8:10. GS Bekeer, Bekering.
*b* GS Vergifnis van Sondes.
3 *a* GS Vreugde.
*b* 1 Ne. 10:17–19; Alma 36:17–21.
4 *a* 2 Ne. 9:51; 3 Ne. 12:6.
*b* GS Eerbied.
*c* GS Gebed.
5 *a* GS Openbaring.
8 *a* Ether 3:12–13. GS Geloof, Glo.
*b* Matt. 9:22.
9 *a* 1 Ne. 8:12; Alma 36:24.
*b* 2 Ne. 33:3; WvM 1:8; Alma 34:26–27.
10 *a* GS Inspirasie, Inspireer; Verstand.
*b* 1 Ne. 2:20.
*c* Ether 2:7–12.
12 *a* Morm. 5:21; 9:36.
*b* Ps. 37:4; 1 Ne. 7:12; Hel. 10:5.

my volk, die Nefiete, in oortreding sou verval, en op enige wyse [a]vernietig sou word, en die Lamaniete nie vernietig sou word nie, dat die Here God ŉ kroniek sou [b]bewaar van my volk, die Nefiete; selfs as dit so is deur die krag van sy heilige arm sodat dit [c]voortgebring mag word op een of ander toekomstige dag aan die Lamaniete, dat, miskien, hulle tot heil [d]gebring mag word—

14 Want op die huidige was ons stryd [a]tevergeefs om hulle tot die ware geloof te herstel. En hulle het in hul toorn gesweer dat, as dit moontlik was, hulle ons kronieke en ons sou [b]vernietig, en ook al die oorlewerings van ons vaders.

15 Daarom, ek, wetende dat die Here God in staat was om ons kronieke te [a]bewaar, het ek voortdurend tot Hom geroep, want Hy het aan my gesê: Watter ding jy ook al in geloof sal vra, en glo dat jy sal ontvang in die naam van Christus, jy dit sal ontvang.

16 En ek het geloof gehad, en ek het geroep tot God dat Hy die [a]kronieke moes [b]bewaar; en Hy het met my ŉ verbond gesluit dat Hy hulle sou [c]voortbring na die Lamaniete in sy eie bepaalde tyd.

17 En ek, Enos, het geweet dat dit sou wees volgens die verbond wat Hy gesluit het; daarom het my siel gerus.

18 En die Here het aan my gesê: Jou vaders het ook hierdie ding van My verlang; en dit sal aan hulle gedoen word volgens hulle geloof; want hulle geloof was soos joune.

19 En nou het dit gebeur dat ek, Enos, rondgegaan het onder die volk van Nefi, en geprofeteer het van die dinge wat sou kom, en getuig het van die dinge wat ek gehoor en gesien het.

20 En ek lewer getuienis dat die volk van Nefi ywerig gesoek het om die Lamaniete te herstel tot die ware geloof in God. Maar ons arbeid was [a]tevergeefs; hulle haat was gevestig en hulle is gelei deur hul bose geaardheid dat hulle wild, en wreed, en ŉ [b]bloeddorstige volk geword het, vol [c]afgodery en vieslikheid; en hul gevoed het met roofdiere; en in tente gewoon het, en rondgeswerwe het in die wildernis met ŉ kort velgord om hulle lendene en hulle hoofde geskeer; en hulle vaardigheid was in die [d]boog, en in die sabel, en die byl. En baie van hulle het niks geëet behalwe rou vleis nie; en hulle het voortdurend gesoek om ons te vernietig.

21 En dit het gebeur dat die volk van Nefi die land bewerk het, en

13 *a* Morm. 6:1, 6.
*b* WvM 1:6–11; Alma 37:2.
*c* Alma 37:19; Ether 12:22; L&V 3:18.
*d* Alma 9:17.
14 *a* Jakob 7:24.
*b* Morm. 6:6.
15 *a* GS Skrifture— Skrifture wat bewaar moet word.
16 *a* GS Boek van Mormon.
*b* 3 Ne. 5:13–15; L&V 3:19–20; 10:46–50.
*c* 2 Ne. 27:6.
20 *a* Moro. 9:6.
*b* Jarom 1:6.
*c* Mosia 9:12. GS Afgodery.
*d* Mosia 10:8.

allerhande soorte graan [a]gekweek het, en vrugte, en kuddes vee, en kuddes van allerhande soorte beeste, en bokke, en wilde bokke, en ook baie perde.

22 En daar was uitermate baie [a]profete onder ons. En die volk was ′n [b]hardnekkige volk, traag van begrip.

23 En daar was niks behalwe uitermate [a]onaangenaamheid, [b]prediking en voorspelling van oorloë, en twiste, en vernietigings, en om hulle voortdurend te [c]herinner aan die dood en die duur van die ewigheid, en die oordele en krag van God, en al hierdie dinge—om hulle [d]voortdurend aan te spoor om hulle te hou in die vrees van die Here. Ek sê daar was niks behalwe hierdie dinge, en uitermate groot duidelikheid van spraak, wat hulle sou verhoed om spoedig in vernietiging af te daal nie. En volgens hierdie wyse skryf ek aangaande hulle.

24 En ek het oorloë tussen die Nefiete en Lamaniete gesien in die loop van my dae.

25 En dit het gebeur dat ek begin oud word het, en ′n honderd nege en sewentig jaar het verbygegaan vanaf die tyd dat ons vader Lehi Jerusalem [a]verlaat het.

26 En ek het gesien dat ek weldra na my graf moes afdaal, nadat die krag van God op my ingewerk het dat ek moet preek en profeteer tot hierdie volk, en die woord verkondig volgens die waarheid wat in Christus is. En ek het dit verkondig in al my dae, en my daarin verbly bo dit van die wêreld.

27 En ek gaan weldra na die plek van my [a]rus, wat by my Verlosser is; want ek weet dat ek in Hom sal rus. En ek verbly my in die dag wanneer my [b]verganklike met [c]onverganklikheid beklee sal word, en voor Hom sal staan; dan sal ek sy aangesig met vreugde sien, en Hy sal aan my sê: Kom na My toe, jou geseënde, daar is ′n plek berei vir jou in die [d]wonings van my Vader. Amen.

# DIE BOEK VAN JAROM

*Die Nefiete onderhou die wet van Moses, sien uit na die koms van Christus, en is voorspoedig in die land—Baie profete arbei om die mense op die weg van waarheid te hou. Ongeveer 399–361 v.C.*

21*a* Mosia 9:9.
22*a* WvM 1:16–18.
*b* Jarom 1:3.
23*a* 1 Ne. 16:2; 2 Ne. 33:5.
*b* GS Preek.
*c* Hel. 12:3.
*d* Jarom 1:12; Alma 31:5.
25*a* 1 Ne. 2:2–4.
27*a* GS Rus.
*b* GS Sterflik, Sterflikheid.
*c* GS Onsterflik, Onsterflikheid.
*d* Joh. 14:2–3; Ether 12:32–34; L&V 72:4; 98:18.

NOU kyk, ek, Jarom, skryf ’n paar woorde volgens die bevel van my vader, Enos, dat ons [a]geslagsregister bygehou mag word.

2 En aangesien [a]hierdie plate [b]klein is, en aangesien hierdie dinge [c]geskrywe word ter wille van die voordeel van ons broers die [d]Lamaniete, daarom, dit moet noodwendig wees dat ek min skryf; maar ek sal nie die dinge skryf aangaande my profeterings, nóg van my openbaringe. Want wat kon ek meer skryf as wat my vaders geskrywe het? Want het hulle nie die heilsplan geopenbaar nie? Ek sê vir julle, Ja; en dit is genoeg vir my.

3 Kyk, dit is noodsaaklik dat baie gedoen moet word onder hierdie volk, vanweë die [a]hardheid van hulle harte, en die doofheid van hulle ore, en die blindheid van hulle verstand, en die styfheid van hulle nekke; nietemin, God is uitermate barmhartig teenoor hulle, en het hulle nog nie [b]weggevee van die aangesig van die land nie.

4 En daar is baie onder ons wat baie [a]openbaringe het, want hulle is nie almal hardnekkig nie. En soveel as wat nie hardnekkig is nie en geloof het, het [b]gemeenskap met die Heilige Gees, wat openbaring gee aan die kinders van mense, volgens hulle geloof.

5 En nou kyk, tweehonderd jaar het verbygegaan, en die volk van Nefi het sterk geword in die land. Hulle het daarop gelet om die wet van Moses te [a]onderhou en om die [b]sabbatdag te heilig tot die Here. En hulle het nie [c]gevloek nie; nóg het hulle God [d]gelaster. En die wette van die land was uitermate streng.

6 En hulle was versprei oor ’n groot deel van die aangesig van die land, en die Lamaniete ook. En hulle was uitermate meer talryk as hulle van die Nefiete; en hulle het graag [a]gemoor en het die bloed van diere gedrink.

7 En dit het gebeur dat hulle baie keer teen ons, die Nefiete, gekom het om te veg. Maar ons [a]konings en ons leiers was magtige manne in die geloof van die Here; en hulle het die volk die weë van die Here geleer; daarom, ons het die Lamaniete weerstaan en hulle weggevee uit [b]ons lande, en begin om ons stede te versterk, of watter plek ook al van ons erfenis.

8 En ons het uitermate vermenigvuldig, en het versprei oor die aangesig van die land, en het uitermate ryk geword in goud, en

**1** 1*a* 1 Ne. 3:12; 5:14.
2*a* Jakob 3:14; Omni 1:1.
*b* 1 Ne. 6.
*c* GS Skrifture—Waarde van die skrifture.
*d* 2 Ne. 27:6; Morm. 5:12.
3*a* Enos 1:22–23.
*b* Ether 2:8–10.
4*a* Alma 26:22; Hel. 11:23; L&V 107:18–19. GS Openbaring.
*b* GS Heilige Gees.
5*a* 2 Ne. 25:24; Alma 34:13–14.
*b* Ex. 35:2. GS Sabbatdag.
*c* GS Oneerbiedigheid.
*d* GS Laster, Godslastering.
6*a* Jakob 7:24; Enos 1:20.
7*a* Jakob 1:9, 11, 15.
*b* WvM 1:14.

in silwer, en in kosbare dinge, en in fyn vakmanskap van hout, in geboue, en in werktuie, en ook in yster en koper, en brons en staal, en het allerhande gereedskap gemaak van elke soort om die grond te bewerk, en [a]wapens van oorlog—ja, die skerpgepunte pyl, en die koker, en die pyl, en die spies, en alle voorbereidsels vir oorlog.

9 En omdat ons aldus so voorbereid was om die Lamaniete te ontmoet, het hulle nie sukses behaal teen ons nie. Maar die woord van die Here is bewaarheid, wat Hy met ons vaders gespreek het, en gesê het dat: In soverre julle my gebooie sal onderhou, sal julle voorspoedig wees in die land.

10 En dit het gebeur dat die profete van die Here die volk van Nefi gewaarsku het volgens die woord van God, dat as hulle die gebooie nie onderhou nie, maar sou verval in oortreding, hulle [a]vernietig sou word vanaf die aangesig van die land.

11 Daarom, die profete, en die priesters, en die leraars, het ywerig gearbei en met alle lankmoedigheid die volk aangemoedig tot ywer; en die [a]wet van Moses onderrig en die doel waarvoor dit gegee is; en hulle oorreed om [b]uit te sien na die Messias, en om in Hom te glo wat moet kom [c]asof Hy alreeds was. En volgens hierdie wyse het hulle hul geleer.

12 En dit het gebeur dat deur dit so te doen, het hulle voorkom dat hulle [a]vernietig word van die aangesig van die land; want hulle het hul harte [b]geprik met die woord, en hulle voortdurend aangespoor tot bekering.

13 En dit het gebeur dat tweehonderd agt en dertig jaar verbygegaan het—en daar was oorloë en twiste en onenighede vir 'n groot deel van die tyd.

14 En ek, Jarom, skryf nie meer nie, want die plate is klein. Maar kyk, my broers, julle kan na die [a]ander plate van Nefi gaan; want kyk, op hulle is die kronieke van ons oorloë gegraveer, volgens die geskrifte van die konings, of dié wat hulle laat skryf het.

15 En ek oorhandig hierdie plate in die hande van my seun Omni, sodat hulle bygehou mag word volgens die [a]bevele van my vaders.

# DIE BOEK VAN OMNI

*Omni, Amaron, Gémis, Abinadom, en Amaleki, elkeen op sy beurt, hou die kronieke by—Mosia ontdek die volk van Zarahemla wat van*

8*a* Mosia 10:8.
10*a* 1 Ne. 12:19–20; Omni 1:5.
11*a* Jakob 4:5; Alma 25:15–16.
*b* 2 Ne. 11:4; Ether 12:18–19.
*c* 2 Ne. 25:24–27; Mosia 3:13; 16:6.
12*a* Ether 2:10.
*b* Alma 31:5.
14*a* 1 Ne. 9:2–4.
15*a* Jakob 1:1–4.

*Jerusalem gekom het in die dae van Sedekía—Mosia word koning gemaak oor hulle—Die afstammelinge van Mulek in Zarahemla het Coriantumr ontdek, die laaste van die Jerediete—Koning Benjamin volg Mosia op—Mense moet hulle siele offer as ʼn offerande aan Christus. Ongeveer 323–130 v.C.*

KYK, dit het gebeur dat ek, Omni, deur my vader Jarom beveel is, dat ek ietwat moet skryf op hierdie plate, om ons geslagsregister in stand te hou—

2 Daarom, in my dae, wil ek hê dat julle moet weet dat ek baie met die swaard geveg het om te voorkom dat my volk, die Nefiete, in die hande val van hulle vyande, die Lamaniete. Maar kyk, ek is ʼn sondige man, en ek het nie die insettinge en die gebooie van die Here onderhou soos ek moes gedoen het nie.

3 En dit het gebeur dat tweehonderd ses en sewentig jaar verbygegaan het, en ons het baie tydperke van vrede gehad; en ons het baie tydperke van ernstige oorlog en bloedvergieting gehad. Ja, en kortom, tweehonderd twee en tagtig jaar het verbygegaan, en ek het hierdie plate bewaar volgens die [a]bevele van my vaders; en ek het hulle oorgedra aan my seun Amaron. En ek maak ʼn einde.

4 En nou ek, Amaron, skryf die dinge wat ek ook al skryf, wat min is, in die boek van my vader.

5 Kyk, dit het gebeur dat driehonderd en twintig jaar verbygegaan het, en die meer goddelose deel van die Nefiete is [a]vernietig.

6 Want die Here wou nie toelaat, nadat Hy hulle uit die land Jerusalem uitgelei het en hulle behoed en bewaar het dat hulle nie in die hande van hulle vyande val nie, ja, Hy wou nie toelaat dat die woorde nie bewaarheid sou word nie, wat Hy met ons vaders gespreek, en gesê het dat: In soverre julle nie my gebooie sal onderhou nie, sal julle nie voorspoedig wees in die land nie.

7 Daarom, die Here het hulle besoek met groot oordeel; nogtans, Hy het die regverdiges gespaar sodat hulle nie sou sterwe nie, maar het hulle verlos uit die hande van hulle vyande.

8 En dit het gebeur dat ek die plate oorgelewer het aan my broer Gémis.

9 Nou ek, Gémis, skryf die paar dinge wat ek skrywe, in dieselfde boek as my broer; want kyk, ek het die laaste gesien wat hy geskrywe het, dat hy dit geskrywe het met sy eie hand; en hy het dit geskrywe op die dag waarop hy hulle aan my oorgelewer het. En volgens hierdie wyse hou ons die kronieke by, want dit is volgens die bevele van ons vaders. En ek maak ʼn einde.

10 Kyk, ek, Abinadom, is die seun van Gémis. Kyk, dit het gebeur dat ek baie oorloë en twiste gesien het tussen my volk, die Nefiete, en die Lamaniete; en ek, met

**1** 3*a* Jakob 1:1–4; Jarom 1:15.
5*a* Jarom 1:9–10.

my eie swaard, het die lewens geneem van baie van die Lamaniete ter verdediging van my broers.
11 En kyk, die kroniek van hierdie volk is gegraveer op plate wat gehou is deur die konings, volgens die geslagte; en ek weet van geen openbaring behalwe dit wat geskrywe is, nóg profesie; daarom, dit wat voldoende is, is geskrywe. En ek maak 'n einde.
12 Kyk, ek is Amaleki, die seun van Abinadom. Kyk, ek sal ietwat spreek met julle aangaande Mosia, wat koning gemaak is oor die land Zarahemla; want kyk, hy is gewaarsku deur die Here dat hy moes vlug uit die land [a]Nefi, en soveel as wat wou ag slaan op die stem van die Here moes ook [b]vertrek uit die land saam met hom, die wildernis in—
13 En dit het gebeur dat hy gehandel het volgens wat die Here hom gebied het. En hulle het vertrek uit die land die wildernis in, soveel as wat wou ag slaan op die stem van die Here; en hulle is gelei deur baie predikings en profesieë. En hulle is voortdurend vermaan deur die woord van God; en hulle is gelei deur die krag van sy arm, deur die wildernis, totdat hulle afgekom het in die land wat genoem word die land Zarahemla.
14 En hulle het 'n volk ontdek, wat genoem is die volk van [a]Zarahemla. Nou, daar was groot jubeling onder die volk van Zarahemla; en ook Zarahemla het uitermate gejubel, omdat die Here die volk van Mosia gestuur het met die [b]plate van brons wat die kronieke van die Jode bevat het.
15 Kyk, dit het gebeur dat Mosia ontdek het dat die [a]volk van Zarahemla uit Jerusalem gekom het in die tyd dat [b]Sedekía, koning van Juda, gevange weggevoer is na Babilon.
16 En hulle het in die wildernis gereis, en is deur die hand van die Here gebring oor die groot waters, na die land waar Mosia hulle ontdek het; en hulle het daar gewoon van daardie tyd af.
17 En teen die tyd dat Mosia hulle ontdek het, het hulle uitermate talryk geword. Nogtans, hulle het baie oorloë gehad en ernstige twiste, en het deur die swaard geval van tyd tot tyd; en hul taal het verbaster geraak; en hulle het geen [a]kronieke met hulle saamgebring nie; en hulle het die bestaan van hulle Skepper geloën; en Mosia, nóg die volk van Mosia, kon hulle verstaan.
18 Maar dit het gebeur dat Mosia opdrag gegee het dat hulle sy taal geleer moes word. En dit het gebeur dat nadat hulle die taal van Mosia geleer is, het Zarahemla 'n geslagsregister van sy vaders gegee, volgens sy geheue; en dit is geskrywe, maar nie op hierdie plate nie.

12*a* 2 Ne. 5:6–9.
*b* Jakob 3:4.
14*a* GS Zarahemla.
*b* 1 Ne. 3:3, 19–20; 5:10–22.
15*a* Mosia 25:2.
*b* Jer. 39:1–10; Hel. 8:21.
17*a* Mosia 1:2–6.

19 En dit het gebeur dat die
volk van Zarahemla en van Mosia saam [a]verenig het; en [b]Mosia
is aangestel om hulle koning te
wees.
20 En dit het gebeur in die dae
van Mosia is daar ʼn groot klip
na hom gebring met graverings
daarop; en hy het die graverings
[a]vertolk deur die gawe en krag
van God.
21 En hulle het ʼn kroniek gegee van ene [a]Coriantumr, en die
gesneuweldes van sy volk. En
Coriantumr is ontdek deur die
volk van Zarahemla; en hy het
by hulle gebly vir ʼn tydperk van
nege mane.
22 Dit het ook ʼn paar woorde
gespreek aangaande sy vaders.
En sy eerste ouers het uitgekom
vanaf die [a]toring, in die tyd toe
die Here die taal van die volk
[b]verwar het; en die felheid van
die Here op hulle geval het volgens sy oordele, wat regverdig is;
en hulle [c]beendere lê versprei in
die land noordwaarts.
23 Kyk, ek, Amaleki, is gebore in
die dae van Mosia; en ek het gelewe om sy dood te sien; en [a]Benjamin, sy seun, heers in sy plek.
24 En kyk, ek het in die dae van
koning Benjamin, ʼn ernstige oorlog en baie bloedvergieting tussen die Nefiete en Lamaniete
gesien. Maar kyk, die Nefiete het
veel voorsprong oor hulle behaal;
ja, in soverre dat koning Benjamin
hulle uitgedryf het uit die land
Zarahemla.
25 En dit het gebeur dat ek oud
begin word het; en, omdat ek geen
saad het nie, en omdat ek weet dat
koning [a]Benjamin ʼn regverdige
man is voor die Here, daarom, ek
sal hierdie plate [b]oorhandig aan
hom, en alle mense vermaan om
na God te kom, die Heilige Een
van Israel, en te glo in profetering
en in openbarings, en in die bediening van engele, en in die gawe
om in tonge te spreek, en in die
gawe om tale uit te lê, en in alle
dinge wat [c]goed is; want daar is
niks wat goed is nie, behalwe as
dit kom van die Here: en dit wat
boos is kom van die duiwel.
26 En nou, my geliefde broers,
ek wil hê dat julle tot Christus sal
[a]kom, wat die Heilige Een van Israel is, en deelagtig word aan sy
heil, en die krag van sy verlossing. Ja, kom na Hom, en [b]offer
julle ganse siele as ʼn [c]offerande
aan Hom, en hou aan met [d]vas en
gebed, en volhard tot die einde
toe; en sowaar as die Here leef,
julle sal gered word.
27 En nou wil ek ietwat spreek
aangaande ʼn sekere aantal wat
opgegaan het in die wildernis

19 *a* Mosia 25:13.
*b* Omni 1:12.
20 *a* Mosia 8:13–19.
GS Siener.
21 *a* Ether 12:1.
GS Coriantumr.
22 *a* Ether 1:1–5.
*b* Gén. 11:6–9;
Mosia 28:17;
Ether 1:33.
*c* Mosia 8:8.
23 *a* WvM 1:3.
25 *a* WvM 1:17–18;
Mosia 29:13.
*b* WvM 1:10.
*c* Alma 5:40;
Ether 4:12;
Moro. 7:15–17.
26 *a* Jakob 1:7;
Alma 29:2;
Moro. 10:32.
*b* GS Opoffer.
*c* 3 Ne. 9:20.
*d* GS Vas.

om terug te keer na die land Nefi; want daar was ′n groot aantal wat begerig was om die land van hulle erfenis te besit.
28 Daarom, hulle het opgegaan in die wildernis. En hul leier was ′n sterk en magtige man, en ′n hardnekkige man, daarom het hy ′n twis onder hulle veroorsaak; en hulle is almal in die wildernis [a]gedood, behalwe vyftig, en hulle het weer teruggekeer na die land Zarahemla.
29 En dit het gebeur dat hulle ook ander geneem het wat ′n aansienlike aantal was, en weer hulle reis onderneem het in die wildernis.
30 En ek, Amaleki, het ′n broer gehad, wat ook saam met hulle gegaan het; en ek het sedertdien niks gehoor aangaande hulle nie. En ek is op die punt om my neer te lê in my graf; en [a]hierdie plate is vol. En ek maak ′n einde aan my woorde.

# DIE WOORDE VAN MORMON

*Mormon verkort die groot plate van Nefi—Hy voeg die klein plate by die ander plate—Koning Benjamin vestig vrede in die land. Ongeveer 385 n.C.*

EN nou ek, [a]Mormon, is op die punt om die kroniek wat ek gemaak het, te oorhandig in die hande van my seun, Moroni, kyk, ek het bykans al die vernietiging van my volk, die Nefiete, gesien.
2 En dit is [a]baie honderde jare na die koms van Christus dat ek hierdie kronieke oorhandig in die hande van my seun; en ek veronderstel dat hy getuie sal wees van die algehele vernietiging van my volk. Maar mag God gee dat hy hulle sal oorleef, sodat hy ietwat oor hulle mag skrywe, en ietwat aangaande Christus, dat dit miskien eendag tot hulle [b]voordeel mag wees.
3 En nou, ek spreek ietwat aangaande dit wat ek geskrywe het; want nadat ek ′n [a]verkorting gemaak het van die [b]plate van Nefi, tot by die heerskappy van hierdie koning Benjamin, van wie Amaleki gespreek het, het ek gesoek onder die [c]kronieke wat in my hande oorhandig is, en ek het hierdie plate gevind, wat hierdie kort kroniek bevat het van die profete, vanaf Jakob tot by die heerskappy van hierdie koning [d]Benjamin, en ook baie van die woorde van Nefi.

28*a* Mosia 9:1–4.
30*a* 1 Ne. 6.

[Woorde van Mormon]
**1** 1*a* 3 Ne. 5:9–12; Morm. 1:1–4; 8:1, 4–5. GS Mormon, Nefitiese Profeet.
2*a* Morm. 6:5–6.
*b* L&V 3:16–20.
3*a* L&V 10:44.
*b* L&V 10:38–40.
*c* Mosia 1:6; Hel. 3:13–15; Morm. 4:23.
*d* Omni 1:23.

4 En die dinge wat op hierdie
plate is [a]behaag my, vanweë die
profesieë van die koms van Christus;
en my vaders wat weet dat
baie van hulle vervul is; ja, en ek
weet ook dat soveel dinge as wat
geprofeteer is aangaande ons tot
op hierdie dag, vervul is, en soveel
as wat verder gaan as hierdie
dag, moet sekerlik gebeur—
5 Daarom, ek het [a]hierdie dinge
gekies om my kroniek met hulle
te voltooi, welke oorblywende
deel van my kroniek ek van die
[b]plate van Nefi sal neem; en ek
kan nie die [c]honderdste deel skryf
van die dinge oor my volk nie.
6 Maar kyk, ek sal hierdie plate
neem, wat hierdie profesieë en die
openbaringe bevat, en hulle plaas
by die oorblywende deel van my
kroniek; want hulle is vir my kosbaar;
en ek weet dat hulle vir my
broers kosbaar sal wees.
7 En ek doen dit om ′n [a]wyse
rede; want so word dit vir my ingefluister,
volgens die werkinge
van die Gees van die Here wat
in my is. En nou, ek weet nie alle
dinge nie; maar die Here [b]weet
alle dinge wat sal kom; daarom,
Hy werk in my om te handel volgens
sy wil.
8 En my [a]gebed tot God is aangaande
my broers, dat hulle weer
eens mag kom tot die kennis van
God, ja, die verlossing van Christus;
dat hulle weer eens ′n [b]behaaglike
volk mag wees.
9 En nou ek, Mormon, gaan
voort om my kroniek te voltooi,
wat ek neem van die plate van
Nefi; en ek maak dit volgens die
kennis en die begrip wat God my
gegee het.
10 Daarom, dit het gebeur dat
nadat Amaleki hierdie plate [a]oorhandig
het in die hande van koning
Benjamin, het hy hulle
geneem en hulle geplaas by die
[b]ander plate, wat kronieke bevat
het wat deur die [c]konings van geslag
tot geslag oorhandig is, tot
die dae van koning Benjamin.
11 En hulle is oorhandig deur
koning Benjamin, van geslag tot
geslag, totdat hulle in [a]my hande
gekom het. En ek, Mormon, bid tot
God dat hulle bewaar mag word
vanaf hierdie tyd. En ek weet dat
hulle bewaar sal word; want daar
is belangrike dinge op hulle geskrywe
waaruit my volk en hulle
broers [b]geoordeel sal word op die
groot en laaste dag, volgens die
woord van God wat geskrywe is.
12 En nou, aangaande hierdie koning
Benjamin—hy het ietwat onenighede
gehad onder sy eie volk.
13 En dit het ook gebeur dat die
leërs van die Lamaniete afgekom
het uit die [a]land Nefi, om teen sy

---

4*a* 1 Ne. 6:5.
5*a* DI die dinge wat hom behaag wat in vers 4 genoem word.
*b* 1 Ne. 9:2.
*c* 3 Ne. 5:8–11; 26:6–12.
7*a* 1 Ne. 9:5; 19:3; L&V 3:12–20; 10:1–19, 30–47.
*b* GS Alwetend.
8*a* 2 Ne. 33:3–4; Enos 1:11–12.
*b* 2 Ne. 30:6.
10*a* Omni 1:25, 30.
*b* 1 Ne. 9:4.
*c* Jarom 1:14.
11*a* 3 Ne. 5:8–12; Morm. 1:1–5.
*b* 2 Ne. 25:18; 29:11; 33:11–15; 3 Ne. 27:23–27.
13*a* Omni 1:12.

volk te veg. Maar kyk, koning Ben-
jamin het sy leërs versamel, en hy
het teen hulle gestaan; en hy het
met die krag van sy eie arm ge-
veg, met die [b]swaard van Laban.
14 En in die krag van die Here
het hulle teen hulle vyande ge-
veg, totdat hulle baie duisende
van die Lamaniete gedood het. En
dit het gebeur dat hulle teen die
Lamaniete geveg het totdat hulle
hul verdryf het uit al die lande
van hul erfenis.
15 En dit het gebeur dat nadat
daar valse [a]Christusse was, en
hulle monde gesluit was en hulle
gestraf is volgens hulle misdade;
16 En nadat daar valse profete
was, en valse predikers en leraars
onder die volk, en hulle almal ge-
straf is volgens hulle misdade; en
nadat daar baie twis en baie af-
valligheid na die Lamaniete toe
was; kyk, dit het gebeur dat ko-
ning Benjamin, met die hulp van
die heilige [a]profete wat onder sy
mense was—
17 Want kyk, koning Benjamin
was 'n [a]heilige man, en hy het
geheers oor sy volk in regver-
digheid; en daar was baie heilige
manne in die land, en hulle het
die woord van God gespreek met
[b]krag en gesag; en hulle het baie
[c]skerpheid gebruik vanweë die
hardnekkigheid van die volk—
18 Daarom, met die hulp van
hulle, het koning Benjamin, deur
te arbei met al die mag van sy lig-
gaam en die vermoë van sy hele
siel, en ook die profete, weer eens
vrede gevestig in die land.

# DIE BOEK VAN MOSIA

## HOOFSTUK 1

*Koning Benjamin leer sy seuns die taal en profesieë van hul vaders—Hulle godsdiens en beskawing is bewaar vanweë die kronieke wat gehou is op die verskillende plate—Mosia word gekies as koning en word toesig gegee oor die kronieke en ander dinge. Ongeveer 130–124 v.C.*

EN nou was daar nie meer twiste
in die hele [a]land Zarahemla
nie, onder al die volk wat aan ko-
ning Benjamin behoort het, sodat
koning Benjamin voortdurende
vrede gehad het gedurende al sy
oorblywende dae.
2 En dit het gebeur dat hy drie
seuns gehad het; en hy het hulle
name Mosia, en Helorum, en He-
laman genoem. En hy het gesorg
dat hulle [a]geleer sou word in die
volledige [b]taal van sy vaders, so-
dat hulle daardeur manne van

13*b* 1 Ne. 4:9; 2 Ne. 5:14; Jakob 1:10; Mosia 1:16; L&V 17:1.
15*a* GS Antichris.
16*a* Enos 1:22.
17*a* Alma 13:26.
*b* Alma 17:2–3.
*c* Moro. 9:4; L&V 121:41–43.
[Mosia]
**1** 1*a* Omni 1:13.
2*a* Mosia 4:14–15; L&V 68:25, 28.
*b* Morm. 9:32.

insig sou word; en sodat hulle mag weet aangaande die profesieë wat gespreek was by monde van hulle vaders, wat aan hulle gelewer is deur die hand van die Here.

3 En hy het hulle ook geleer aangaande die kronieke wat gegraveer is op die plate van brons, en gesê: My seuns, ek wil hê dat julle moet onthou dat as dit nie vir hierdie [a]plate was nie, wat hierdie kronieke en hierdie gebooie bevat het, ons moes gely het in [b]onkunde, en wel op hierdie huidige tyd, sonder om die verborgenhede van God te ken.

4 Want dit was nie moontlik dat ons vader, Lehi, al hierdie dinge kon onthou, om hulle te leer aan sy kinders, behalwe dat dit was deur die hulp van hierdie plate nie; omdat hy geleer is in die [a]taal van die Egiptenare, daarom kon hy hierdie graverings lees, en hulle aan sy kinders leer, sodat hulle daardeur dit aan hulle kinders kon leer, en so die gebooie van God vervul, en wel tot op die huidige tyd.

5 Ek sê vir julle, my seuns, was dit nie vir hierdie dinge, wat behoue en [a]bewaar is deur die hand van God, sodat ons mag [b]lees en verstaan van sy [c]verborgenhede nie, en sy gebooie gedurigdeur voor ons oë mag hê nie, sodat selfs ons vaders in ongeloof sou gekwyn het, en ons sou gewees het soos ons broers, die Lamaniete, wat niks weet aangaande hierdie dinge nie, of hulle selfs nie glo wanneer hulle dit geleer word nie, vanweë die [d]oorlewerings van hulle vaders, wat nie juis is nie.

6 O my seuns, ek wil hê dat julle moet onthou dat hierdie geskrifte waar is, en ook dat hierdie kronieke [a]waar is. En kyk, ook die plate van Nefi, wat die kronieke bevat en die geskrifte van ons vaders vanaf die tyd dat hulle Jerusalem verlaat het, tot nou, en hulle is waar; en ons kan weet van hulle sekerheid omdat ons hulle voor ons oë het.

7 En nou, my seuns, ek wil hê dat julle moet onthou om hulle ywerig te [a]ondersoek, dat julle daardeur mag baat; en ek wil hê dat julle die gebooie van God moet [b]onderhou, sodat julle [c]voorspoedig mag wees in die land volgens die [d]beloftes wat die Here aan ons vaders gemaak het.

8 En baie meer dinge het koning Benjamin sy seuns geleer, wat nie geskrywe is in hierdie boek nie.

9 En dit het gebeur dat nadat koning Benjamin ’n einde gemaak het om sy seuns te onderrig, dat hy oud geword het, en hy het gesien dat hy baie gou die weg moes gaan van die hele aarde; daarom,

3*a* GS Plate.
*b* Alma 37:8–9.
4*a* JS—G 1:64.
5*a* GS Skrifture—Skrifture wat bewaar moet word.
*b* Deut. 6:6–8.
*c* GS Verborgenhede van God.
*d* Mosia 10:11–17.
6*a* 1 Ne. 1:3; 2 Ne. 33:10–11; Moro. 10:27.
7*a* GS Skrifture.
*b* Mosia 2:22; Alma 50:20–22.
*c* Ps. 122:6; 1 Ne. 2:20.
*d* Alma 9:12–14.

hy het dit raadsaam geag dat hy
die koninkryk moes oordra aan
een van sy seuns.
10 Daarom, hy het Mosia voor
hom laat bring; en hierdie is die
woorde wat hy met hom ge-
spreek, en gesê het: My seun, ek
wil hê dat jy 'n aankondiging sal
maak deur die hele land onder
hierdie ganse volk, of die [a]volk
van Zarahemla, en die volk van
Mosia wat in die land woon, so-
dat hulle daardeur bymekaarge-
bring mag word; want môre sal
ek aan hierdie my volk uit my eie
mond aankondig dat jy 'n [b]koning
en heerser oor hierdie volk is, wat
die Here onse God aan ons ge-
gee het.
11 En bowendien, ek sal hierdie
volk 'n [a]naam gee, sodat hulle
daardeur onderskei mag word bo
al die volke wat die Here God uit
die land Jerusalem gebring het; en
dit doen ek omdat hulle 'n ywe-
rige volk was om die gebooie van
die Here te onderhou.
12 En ek gee aan hulle 'n naam
wat nooit uitgewis sal word nie,
behalwe as dit sal wees deur [a]oor-
treding.
13 Ja, en bowendien sê ek aan
jou, dat as hierdie hoogbegun-
stigde volk van die Here sou
verval in [a]oortreding, en 'n god-
delose en owerspelige volk word,
dat die Here hulle sal oorlewer,
sodat hulle daardeur [b]swak sal
word soos hulle broers; en Hy sal
hulle nie meer [c]bewaar deur sy
ongeëwenaarde en wonderbaar-
like krag, soos Hy tot dusver ons
vaders bewaar het nie.
14 Want ek sê vir jou, dat as Hy
nie sy arm uitgestrek het vir die
bewaring van ons vaders nie,
hulle in die hande van die Lama-
niete moes geval het, en slagoffers
geword het van hulle haat.
15 En dit het gebeur dat nadat
koning Benjamin 'n einde gemaak
het aan hierdie mededelings aan
sy seun, dat hy hom opdrag ge-
gee het aangaande al die sake van
die koninkryk.
16 En bowendien, hy het hom
ook opdrag gegee aangaande die
kronieke wat gegraveer is op die
[a]plate van brons; en ook die plate
van Nefi; en ook die [b]swaard van
Laban, en die [c]bal of rigtingwy-
ser, wat ons vaders gelei het deur
die wildernis, wat berei is deur
die hand van die Here sodat hulle
daardeur gelei mag word, elkeen
volgens die gehoor en die ywer
wat hulle aan Hom gegee het.
17 Daarom, toe hulle ontrou
was, was hulle nie voorspoedig
nie, nóg het hulle op hul reis ge-
vorder, maar is [a]teruggedryf, en
het die onmin van God oor hulle
gebring; en daarom is hulle getref
deur hongersnood en sware ver-
drukkinge, om hulle aan te spoor
tot herinnering aan hulle plig.
18 En nou, dit het gebeur dat
Mosia heengegaan en gedoen het

10 *a* Omni 1:14.
*b* Mosia 2:30.
11 *a* Mosia 5:8–12.
12 *a* GS Sonde.
13 *a* Hebr. 6:4–6.
*b* Hel. 4:24–26.
*c* L&V 103:8–10.
16 *a* Mosia 1:3.
*b* 1 Ne. 4:8–19; WvM 1:13; L&V 17:1.
*c* 1 Ne. 16:10.
17 *a* 1 Ne. 18:12–13.

soos sy vader hom beveel het, en aan al die volk bekend gemaak het wat in die land Zarahemla was, sodat hulle hul daardeur mag versamel, om op te gaan na die tempel om die woorde te hoor wat sy vader met hulle sou spreek.

## HOOFSTUK 2

*Koning Benjamin spreek sy volk toe—Hy beskryf die billikheid, geregtigheid en geestelikheid van sy heerskappy—Hy gee aan hulle raad om hulle Hemelse Koning te dien—Diegene wat rebelleer teen God sal sielesmart ly soos onblusbare vuur. Ongeveer 124 v.C.*

En dit het gebeur dat nadat Mosia gedoen het soos sy vader hom beveel het, en 'n aankondiging in die hele land gemaak het, dat die volk hulleself versamel het deur die hele land, sodat hulle mag opgaan na die tempel om die woorde te hoor wat koning Benjamin met hulle sou spreek.

2 En daar was 'n groot aantal, en wel so baie dat hulle hul nie getel het nie; want hulle het uitermate vermenigvuldig en talryk geword in die land.

3 En hulle het ook van die [a]eerstelinge van hulle kuddes geneem, sodat hulle [b]offerandes kon bring en [c]brandoffers [d]volgens die wet van Moses;

4 En ook dat hulle dank mag betuig aan die Here hulle God, wat hulle uit die land Jerusalem gebring het, en wat hulle uitgelewer het uit die hande van hulle vyande, en regverdige manne [a]aangestel het om hulle [b]leraars te wees, en ook 'n regverdige man om hulle koning te wees, wat vrede gevestig het in die [c]land Zarahemla, en wat hulle geleer het om die gebooie van God te [d]onderhou, dat hulle hul mag verheug en gevul word met [e]liefde teenoor God en alle mense.

5 En dit het gebeur dat toe hulle opkom na die tempel, het hulle hul tente rondom opgeslaan, elke man volgens sy [a]gesin, bestaande uit sy vrou, en sy seuns, en sy dogters, en hulle seuns, en hulle dogters, vanaf die oudste af tot die jongste toe, elke gesin was geskei van mekaar.

6 En hulle het hulle tente opgeslaan rondom die tempel, elke man met sy [a]tent se ingang na die tempel toe, sodat hulle gevolglik in hulle tente mag bly en die woorde hoor wat koning Benjamin met hulle sou spreek;

7 Want die skare was so groot dat koning Benjamin hulle nie almal kon onderrig binne die mure van die tempel nie, daarom het hy opdrag gegee dat 'n toring opgerig word sodat sy volk daardeur die woorde kon hoor wat hy met hulle sou spreek.

---

**2** 3*a* Gén. 4:4.
*b* GS Opoffer.
*c* 1 Ne. 5:9.
*d* 2 Ne. 25:24; Alma 30:3; 34:13–14.
4*a* GS Roep, Geroepe van God, Roeping.
*b* Mosia 18:18–22. GS Onderrig, Onderwyser.
*c* Omni 1:12–15.
*d* Joh. 15:10.
*e* GS Liefde.
5*a* GS Gesin.
6*a* Ex. 33:8–10.

8 En dit het gebeur dat hy met sy volk begin spreek het vanaf die toring; en hulle kon nie almal sy woorde hoor nie vanweë die grootte van die skare; daarom het hy die woorde wat hy gespreek het laat neerskryf en uitgestuur onder diegene wat nie onder die klank van sy stem was nie, sodat hulle ook sy woorde mag ontvang.

9 En dit is die woorde wat hy [a]gespreek en laat neerskrywe het, en gesê het: My broers, julle almal wat julle versamel het, julle wat my woorde kan hoor wat ek met julle sal spreek hierdie dag; want ek het nie vir julle beveel om hierheen op te kom om die woorde [b]ligtelik op te neem wat ek sal spreek nie, maar dat julle op my sal [c]ag slaan, en julle ore oopmaak dat julle mag hoor, en julle [d]harte dat julle mag verstaan, en julle [e]verstand dat die [f]verborgenhede van God oopgevou mag word tot julle aanskouing.

10 Ek het julle nie beveel om hierheen op te kom dat julle my sal [a]vrees nie, of dat julle sal dink dat ek meer as ′n sterflike mens is nie.

11 Maar ek is soos julle, onderhewig aan allerhande swakhede van liggaam en verstand; tog is ek gekies deur hierdie volk, en georDineer deur my vader, en is toegelaat deur die hand van die Here dat ek ′n heerser en ′n koning oor hierdie volk sal wees; en behou en bewaar is deur sy ongeëwenaarde krag, om julle te dien met al die mag, verstand en krag wat die Here aan my geskenk het.

12 Ek sê vir julle dat omdat ek toegelaat is om my dae deur te bring in julle diens, en wel tot op die huidige tyd, en nie [a]goud nóg silwer nóg enige soort rykdom van julle gesoek het;

13 Ook het ek nie toegelaat dat julle in kerkers opgesluit sou word nie, nóg dat julle slawe die een van die ander sou maak, nóg dat julle sou moor, of roof of steel, of egbreuk pleeg; nóg het ek toegelaat dat julle enige vorm van boosheid sou pleeg, en het julle geleer dat julle die gebooie van die Here moet onderhou, in al die dinge wat Hy julle gebied het—

14 En selfs ek het [a]gearbei met my eie hande dat ek julle mag dien, en dat julle nie belaai moet word deur belastings nie, en dat daar niks oor julle moet kom wat swaar was om te verdra nie—en van al hierdie dinge waarvan ek gespreek het, is julle self getuies hierdie dag.

15 Tog, my broers, ek het nie hierdie dinge gedoen dat ek mag roem nie, nóg vertel ek hierdie dinge dat ek julle daardeur mag beskuldig; maar ek vertel julle hierdie dinge dat julle mag weet dat ek met ′n rein [a]gewete voor God hierdie dag kan antwoord.

9 *a* Mosia 8:3.
*b* L&V 6:12.
*c* GS Ag slaan op.
*d* Mosia 12:27; 3 Ne. 19:33.
*e* GS Verstand.
*f* GS Verborgenhede van God.
10 *a* GS Vrees.
12 *a* Hand. 20:33–34.
14 *a* 1 Kor. 9:18.
15 *a* GS Gewete.

16 Kyk, ek sê vir julle dat omdat ek aan julle gesê het dat ek my dae in julle diens deurgebring het, begeer ek nie om te roem nie, want ek was waarlik in die diens van God.

17 En kyk, ek vertel julle hierdie dinge dat julle [a]wysheid mag leer; dat julle mag leer dat wanneer julle in die [b]diens van jul [c]medemens is, julle waarlik in die diens van julle God is.

18 Kyk, julle het my jul koning genoem; en as ek, wat julle jul koning noem, arbei om julle te [a]dien, dan, behoort julle nie te arbei om mekaar te dien nie?

19 En kyk ook, as ek, wat julle jul koning noem, wat sy dae in julle diens deurgebring het, en tog in die diens van God was, enige dank van julle verdien, o, hoe behoort julle nie jul hemelse Koning te [a]dank nie!

20 Ek sê vir julle, my broers, dat as julle al die dank en [a]lof sou gee wat julle hele siel die mag het om te besit, aan daardie [b]God wat julle geskape het, en julle behoed en bewaar het, en veroorsaak het dat julle jul sou verbly, en gegee het dat julle in vrede met mekaar moes lewe—

21 Ek sê vir julle dat as julle Hom sou dien wat julle geskape het van die begin af, en julle bewaar van dag tot dag, deur julle asem te verleen, sodat julle mag lewe en beweeg en handel volgens julle eie [a]wil, en julle selfs ondersteun van een oomblik tot die ander—ek sê, as julle Hom sou dien met julle ganse siele, tog sou julle [b]onverdienstelike diensknegte wees.

22 En kyk, al wat Hy van julle vereis, is om sy [a]gebooie te [b]onderhou; en Hy het julle belowe dat as julle sy gebooie sal onderhou, julle voorspoedig sal wees in die land; en Hy [c]wyk nooit af van dit wat Hy gesê het nie; daarom, as julle wel sy gebooie [d]onderhou, seën Hy julle en maak julle voorspoedig.

23 En nou, in die eerste plek, Hy het julle geskape, en het aan julle jul lewe geskenk, waarvoor julle in die skuld is by Hom.

24 En tweedens, Hy vereis dat julle moet doen soos Hy julle gebied het; waarvoor, as julle dit doen, Hy julle onmiddellik [a]seën; en daarom het Hy julle betaal: En julle is steeds in die skuld by Hom, en is, en sal wees, vir ewig en ewig; daarom, wat het julle om oor te roem?

25 En nou vra ek, kan julle iets sê van julleself? Ek antwoord julle, Nee. Julle kan nie sê dat julle selfs soveel is as die stof van die aarde nie; tog is julle [a]geskape uit die [b]stof van die aarde; maar kyk, dit

17 *a* GS Wysheid.
*b* Matt. 25:40; Jak. 1:27; L&V 42:29–31. GS Diens.
*c* GS Broers; Suster.
18 *a* Matt. 20:26–27.
19 *a* GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
20 *a* 1 Ne. 18:16.
*b* GS God, Godheid.
21 *a* GS Handelingsmag.
*b* Lk. 17:7–10.
22 *a* GS Gebooie van God.
*b* Lev. 25:18–19; 2 Ne. 1:9.
*c* L&V 3:1–2.
*d* L&V 14:7; 58:2–3.
24 *a* GS Seën, Geseënd, Seëning.
25 *a* GS Skep, Skepping.
*b* Gén. 3:19; Jakob 2:21.

behoort aan Hom wat julle geskape het.

26 En ek, selfs ek, wie julle jul koning noem, is niks beter as wat julself is nie; want ek is ook van die stof. En julle sien dat ek oud is, en op die punt is om hierdie sterflike gestalte oor te gee aan sy moederaarde.

27 Daarom, soos ek aan julle gesê het dat ek julle gedien het, [a]wandelend met ′n rein gewete voor God, en wel so het ek in hierdie tyd beveel dat julle bymekaar sou kom, sodat ek skuldeloos bevind mag word, en sodat julle [b]bloed nie oor my moet kom wanneer ek sal staan om geoordeel te word deur God van die dinge wat Hy my beveel het aangaande julle nie.

28 Ek sê vir julle dat ek bevel gegee het dat julle julself moet bymekaarmaak sodat ek my kleding mag [a]reinig van julle bloed, op hierdie tydstip wanneer ek op die punt staan om neer te daal na my graf, dat ek mag neerdaal in vrede, en my onsterflike [b]gees mag aansluit by die [c]kore daarbo om die lof van ′n regverdige God te sing.

29 En bowendien, ek sê vir julle dat ek beveel het dat julle julself moet bymekaarmaak, sodat ek aan julle mag verklaar dat ek nie langer julle leraar nóg julle koning kan wees;

30 Want selfs op hierdie tydstip beef my hele gestalte uitermate terwyl ek probeer om met julle te spreek; maar die Here God onderskraag my, en het toegelaat dat ek met julle mag spreek, en het my gebied dat ek vir julle moet verklaar op hierdie dag, dat my seun Mosia ′n koning en heerser oor julle is.

31 En nou, my broers, ek wil hê dat julle moet doen soos julle tot dusver gedoen het. Soos julle my bevele onderhou het, en ook die bevele van my vader, en voorspoedig was, en verhoed is om in die hande van julle vyande te val, net so, as julle die bevele van my seun sal onderhou, of die gebooie van God wat oorgelewer sal word aan julle deur hom, sal julle voorspoedig wees in die land, en julle vyande sal geen mag oor julle hê nie.

32 Maar, o my volk, waak dat daar geen [a]twiste onder julle ontstaan nie, en julle kies om die bose gees te gehoorsaam, waarvan my vader Mosia gespreek het.

33 Want kyk, daar word wee uitgespreek oor hom wat kies om daardie gees te gehoorsaam; want as hy verkies om hom te gehoorsaam, en bly en sterwe in sy sonde, hy drink [a]verdoemenis oor sy eie siel; want hy ontvang vir sy loon ′n [b]ewigdurende straf, omdat hy die wet van God oortree het strydig met sy eie kennis.

34 Ek sê vir julle, dat daar geeneen onder julle is, behalwe dat dit

27*a* GS Wandel, Wandel met God.
*b* Jakob 1:19.
28*a* Jakob 2:2.
*b* GS Gees.
*c* Morm. 7:7.
32*a* 3 Ne. 11:29–30.
33*a* GS Verdoemenis.
*b* L&V 19:6, 10–12.

julle klein kindertjies is wat nie geleer is aangaande hierdie dinge nie, of wat nie weet dat julle vir ewig in die skuld is by julle hemelse Vader, om aan Hom alles te gee wat julle het en is nie; en ook geleer is aangaande die kronieke wat die profesieë bevat wat gespreek is deur die heilige profete, en wel tot die tyd toe ons vader Lehi Jerusalem verlaat het;

35 En ook, alles wat gespreek is deur ons vaders tot nou toe. En kyk, ook, hulle het dit gespreek wat hulle beveel is deur die Here; daarom, hulle is juis en waar.

36 En nou, ek sê vir julle, my broers, dat nadat julle geweet het en al hierdie dinge geleer is, indien julle sou oortree en strydig optree met dit wat gespreek is, dat julle julself onttrek van die Gees van die Here, sodat dit geen plek mag hê in julle om julle te lei in die weë van wysheid, dat julle geseënd, voorspoedig en behoed mag wees nie—

37 Ek sê vir julle, dat die man wat dit doen, hy kom uit in openlike [a]rebellie teen God; daarom verkies hy om die bose gees te gehoorsaam, en word ʼn vyand van alle regverdigeid; daarom, die Here het geen plek in hom nie, want Hy woon nie in [b]onheilige tempels nie.

38 Daarom, as daardie man nie [a]bekeer nie, en bly en sterwe as ʼn vyand van God, wek die eise van goddelike [b]geregtigheid sy onsterflike siel tot ʼn lewendige besef van sy eie [c]skuld op, wat hom laat terugdeins van die teenwoordigheid van die Here, en sy bors vul met skuld, en pyn, en sielesmart, wat soos ʼn onblusbare vuur is, waarvan die vlam opstyg vir ewig en ewig.

39 En nou sê ek aan julle, dat [a]barmhartigheid geen aanspraak het op daardie man nie; daarom is sy uiteindelike lot om nimmereindigende pyniging te verduur.

40 O, al julle ou manne, en ook julle jong manne, en julle klein kindertjies wat my woorde kan verstaan, want ek het duidelik met julle gespreek sodat julle mag verstaan, ek bid dat julle sal ontwaak tot ʼn [a]herinnering aan die vreeslike toestand van diegene wat in oortreding verval het.

41 En bowendien, ek sou begeer dat julle moet nadink oor die geseënde en [a]gelukkige toestand van diegene wat die gebooie van God onderhou. Want kyk, hulle is [b]geseënd in alle dinge, beide stoflik en geestelik; en as hulle [c]getrou bly tot die einde, word hulle in die [d]hemel ontvang, sodat hulle daardeur met God mag woon in ʼn toestand van nimmereindigende geluk. O onthou, onthou

37 *a* Mosia 3:12; Hel. 8:24–25. GS Rebellie.
*b* Alma 7:21.
38 *a* GS Bekeer, Bekering.
*b* GS Geregtigheid.
*c* GS Skuld.
39 *a* Alma 34:8–9, 15–16. GS Barmhartig, Barmhartigheid.
40 *a* Alma 5:18.
41 *a* 4 Ne. 1:15–18. GS Vreugde.
*b* GS Seën, Geseënd, Seëning.
*c* L&V 6:13.
*d* GS Hemel.

dat hierdie dinge waar is; want die Here God het dit gespreek.

## HOOFSTUK 3

*Koning Benjamin sit sy toespraak voort—Die Here Alvermoënd sal onder die mense dien in 'n tabernakel van klei—Bloed sal kom uit elke porie soos Hy versoening doen vir die sondes van die wêreld—Sy Naam is die enigste waardeur heil kom—Mense kan die natuurlike mens aflê en Heiliges word deur die Versoening—Die pyniging van die bose sal wees soos 'n poel van vuur en swael. Ongeveer 124 v.C.*

En verder, my broers, wil ek julle aandag vra, want ek het nog ietwat meer om met julle te spreek; want kyk, ek het dinge om vir julle te vertel aangaande dit wat sal kom.

2 En die dinge wat ek aan julle sal vertel, word aan my bekend gemaak deur 'n [a]engel van God. En hy het aan my gesê: Ontwaak; en ek het ontwaak, en kyk, hy het voor my gestaan.

3 En hy het aan my gesê: Ontwaak, en hoor die woorde wat ek aan jou sal sê, want kyk, ek het gekom om aan jou die [a]blye tydings van groot blydskap te verklaar.

4 Want die Here het jou gebede gehoor, en het geoordeel oor jou regverdigheid, en het my gestuur om aan jou mee te deel dat jy jou mag verbly; en dat jy aan jou volk mag verklaar, sodat hulle ook vervul mag wees met blydskap.

5 Want kyk, die tyd kom, en is nie meer lank nie, dat die [a]Here Alvermoënd wat heers, wat was, en is, vanaf alle ewigheid tot alle ewigheid met krag sal neerkom van die hemel onder die kinders van mense, en sal woon in 'n [b]tabernakel van klei, en sal uitgaan onder mense, en groot [c]wonderwerke doen, soos die genesing van die krankes, die opwekking van die dooies, die verlamdes te laat loop, die blindes hul sig te laat ontvang en die dowes te laat hoor; en die genesing van allerhande soorte kwale.

6 En Hy sal [a]duiwels uitwerp, of die bose geeste wat woon in die harte van die kinders van mense.

7 En kyk, Hy sal [a]versoeking ondergaan, en pyn van die liggaam, [b]honger, dors, en moegheid, selfs meer as wat 'n mens kan [c]ly, tensy dit tot die dood toe is; want kyk, [d]bloed kom uit elke porie, so groot sal sy [e]sielesmart wees oor die boosheid en die gruwels van sy volk.

8 En hy sal [a]Jesus Christus genoem word, die [b]Seun van God, die [c]Vader van hemel en aarde,

**3** 2*a* GS Engele.
3*a* Lk. 2:10–11.
5*a* GS Jehova.
*b* Mosia 7:27; Alma 7:9–13.
*c* Matt. 4:23–24; Hand. 2:22; 1 Ne. 11:31. GS Wonderwerk.
6*a* Mark. 1:32–34.
7*a* GS Versoek, Versoeking.
*b* Matt. 4:1–2.
*c* L&V 19:15–18.
*d* Lk. 22:44.
*e* Jes. 53:4–5.
8*a* GS God, Godheid—God die Seun.
*b* Alma 7:10.
*c* Hel. 14:12; 3 Ne. 9:15.

die Skepper van alle dinge vanaf die begin; en sy [d]moeder sal [e]Maria genoem word.

9 En kyk, Hy kom na sy eie, sodat [a]heil tot die kinders van mense mag kom en wel deur [b]geloof in sy Naam; en selfs na al hierdie dinge sal hulle Hom beskou as 'n man, en sê dat Hy 'n [c]duiwel het, en sal Hom [d]gésel, en sal Hom [e]kruisig.

10 En Hy sal [a]opstaan op die [b]derde dag uit die dode; en kyk, Hy staan om die wêreld te [c]oordeel; en kyk, al hierdie dinge word gedoen sodat 'n regverdige oordeel mag kom oor die kinders van mense.

11 Want kyk, en ook sy [a]bloed doen [b]versoening vir die sondes van diegene wat [c]geval het deur Adam se oortreding, wat gesterwe het sonder om die wil van God te ken aangaande hulle, of wat gesondig het in [d]onkunde.

12 Maar wee, wee hom wat weet dat hy [a]rebelleer teen God! Want heil kom nie na so een behalwe as dit is deur bekering en geloof in die [b]Here Jesus Christus nie.

13 En die Here God het sy heilige profete gestuur onder al die kinders van mense, om hierdie dinge te verkondig aan elke stam, nasie, en taal, sodat wie ook al daardeur sal glo dat Christus moet kom, [a]vergifnis mag ontvang van hulle sonde en jubel met uitermate blydskap, [b]asof Hy alreeds onder hulle gekom het.

14 Nogtans het die Here God gesien dat sy volk 'n hardnekkige volk was, en Hy het aan hulle 'n wet gestel, en [a]wel die wet van Moses.

15 En baie tekens, en wonders en [a]versinnebeelde, en voorafskaduwings het Hy aan hulle getoon aangaande sy koms; en ook het heilige profete met hulle gespreek aangaande sy koms; en tog het hulle hul harte verhard, en nie verstaan dat die [b]wet van Moses niks baat behalwe as dit was deur die versoening van sy bloed nie.

16 En selfs as dit moontlik was dat klein [a]kindertjies kon sondig, sou hulle nie gered kon word nie; maar ek sê vir julle dat hulle [b]salig is; want kyk, soos in Adam, of van nature, val hulle, net so doen die bloed van Christus versoening vir hul sondes.

---

8 *d* Matt. 1:16; 1 Ne. 11:14–21.
*e* GS Maria, Moeder van Jesus.
9 *a* GS Heil.
*b* GS Geloof, Glo.
*c* Joh. 8:48.
*d* Mark. 15:15.
*e* Lk. 18:33; 1 Ne. 19:10; 2 Ne. 10:3. GS Kruisiging.
10 *a* GS Opstanding.
*b* Matt. 16:21; 2 Ne. 25:13; Hel. 14:20–27.
*c* GS Regter, Oordeel.
11 *a* GS Bloed.
*b* GS Versoen, Versoening.
*c* GS Val van Adam en Eva.
*d* 2 Ne. 9:25–26.
12 *a* Mosia 2:36–38; Hel. 8:25. GS Rebellie.
*b* GS Here.
13 *a* GS Vergifnis van Sondes.
*b* 2 Ne. 25:24–27; Jarom 1:11.
14 *a* GS Wet van Moses.
15 *a* GS Jesus Christus—Voorafskaduwings of simbole van Christus.
*b* Mosia 13:27–32.
16 *a* GS Kind, Kinders.
*b* Moro. 8:8–9.

17 En bowendien, ek sê vir julle
dat daar [a]geen ander naam ge-
gee sal word nóg enige ander weg
nóg wyse waardeur [b]heil kan kom
tot die kinders van mense, slegs
in en deur die Naam van [c]Chris-
tus, die Here Alvermoënd.
18 Want kyk, Hy oordeel, en sy
oordeel is regverdig; en die suig-
ling is nie verlore wat sterwe in
sy kinderjare nie; maar mense
drink verdoemenis tot hulle eie
siele tensy hulle hul verootmoe-
dig en [a]word soos klein kinder-
tjies, en glo dat heil was, en is,
en sal wees, in en deur die [b]ver-
soenende bloed van Christus, die
Here Alvermoënd.
19 Want die [a]natuurlike mens
is ′n vyand van God, en was dit
vanaf die [b]val van Adam, en sal
dit wees vir ewig en ewig, tensy
hy [c]toegee aan die verlokkinge
van die [d]Heilige Gees, en die na-
tuurlike mens aflê en ′n [e]heilige
word deur die versoening van
Christus die Here, en soos ′n [f]kind
word, onderdanig, sagmoedig,
nederig, geduldig, vol liefde, ge-
willig om hom te onderwerp aan
alle dinge wat die Here behaag
om op hom te lê, net soos ′n kind
hom onderwerp aan sy vader.
20 En bowendien, ek sê vir julle,
dat die tyd sal kom wanneer die
[a]kennis van ′n Saligmaker dwars-
deur [b]elke nasie, stam, taal, en
volk sal versprei.
21 En kyk, wanneer daardie tyd
kom, sal niemand [a]skuldeloos be-
vind word voor God nie, behalwe
as dit kindertjies is, slegs deur be-
kering en geloof in die naam van
die Here God Almagtig.
22 En wel in hierdie tyd, wan-
neer jy jou volk die dinge sou ge-
leer het wat die Here jou God jou
gebied het, selfs dan word hulle
nie meer onskuldig bevind in die
oë van God nie, behalwe volgens
die woorde wat ek met jou ge-
spreek het.
23 En nou het ek die woorde
gespreek wat die Here God my
gebied het.
24 En so sê die Here: Hulle sal
staan as ′n duidelike getuienis
teen hierdie volk op die oordeels-
dag; waarvolgens hulle geoordeel
sal word, elke mens volgens sy
werke, of hulle goed, en of hulle
boos is.
25 En as hulle boos is, word
hulle oorgelewer tot ′n vrees-
like [a]gesig van hulle eie skuld en
gruweldade, wat hulle laat te-
rugdeins van die teenwoordig-
heid van die Here na ′n toestand
van [b]smart en eindelose pyni-
ging, waaruit hulle nie meer kan

17*a* Hand. 4:10–12; 2 Ne. 31:21.
*b* GS Heil.
*c* GS Jesus Christus—Om die Naam van Jesus Christus op ons te neem.
18*a* Matt. 18:3.
*b* Mosia 4:2; Hel. 5:9.
19*a* 1 Kor. 2:11–14; Mosia 16:2–3. GS Natuurlike Mens.
*b* GS Val van Adam en Eva.
*c* 2 Kron. 30:8.
*d* Moro. 10:4–5. GS Heilige Gees.
*e* GS Heilige.
*f* 3 Ne. 9:22.
20*a* L&V 3:16.
*b* GS Sendingwerk.
21*a* GS Toerekenbaar, Toerekenbaarheid.
25*a* Alma 5:18; 12:14–15.
*b* Morm. 8:38.

terugkeer nie; daarom het hulle
verdoemenis gedrink tot hulle
eie siele.
26 Daarom, hulle het gedrink uit
die beker van die toorn van God,
welke geregtigheid net so min
van hulle weerhou word as wat
dit kan weerhou word dat [a]Adam
sou val, vanweë sy neem van die
verbode [b]vrug; daarom, [c]barm-
hartigheid kan vir ewig geen aan-
spraak op hulle meer hê nie.
27 En hulle [a]pyniging is soos 'n
[b]poel van vuur en swael, waar-
van die vlamme onblusbaar is, en
waarvan die rook opstyg vir ewig
en ewig. So het die Here my ge-
bied. Amen.

## HOOFSTUK 4

*Koning Benjamin sit sy toespraak voort—Heil kom vanweë die Versoening—Glo in God om gered te word—Behou 'n vergifnis van jou sondes deur getrouheid—Gee van jou besittings aan die armes—Doen alle dinge in wysheid en orde. Ongeveer 124 v.C.*

En nou, dit het gebeur dat toe ko-
ning Benjamin 'n einde gemaak
het om die woorde te spreek wat
aan hom oorgedra is deur die
engel van die Here, dat hy sy oë
laat gaan het oor die skare, en
kyk, hulle het neergeval op die
grond, want die [a]vrees van die
Here het oor hulle gekom.
2 En hulle het hulleself aanskou
in hul eie [a]vleeslike toestand, en
wel [b]geringer as die stof van die
aarde. En hulle het almal hardop
uitgeroep met een stem, en gesê:
O, wees barmhartig, en laat die
[c]versoenende bloed van Chris-
tus geld sodat ons vergifnis van
ons sondes mag ontvang, en ons
harte gereinig mag word; want
ons glo in Jesus Christus, die Seun
van God, wat hemel en aarde [d]ge-
skape het, en alle dinge; wat sal
neerkom onder die kinders van
mense.
3 En dit het gebeur dat nadat
hulle hierdie woorde gespreek
het, het die Gees van die Here
oor hulle gekom, en hulle is ver-
vul met vreugde, omdat hulle
[a]vergifnis ontvang het van hul
sonde, en omdat hulle vrede van
[b]gewete gehad het, vanweë die
uitnemende [c]geloof wat hulle ge-
had het in Jesus Christus wat sou
kom, volgens die woorde wat ko-
ning Benjamin met hulle gespreek
het.
4 En koning Benjamin het weer
sy mond geopen en met hulle be-
gin spreek, en gesê: My vriende
en my broers, my verwante en my
volk, ek wil weer julle aandag vra,
dat julle die oorblywende woorde

26 *a* Morm. 9:12.
*b* Gén. 3:1–12; 2 Ne. 2:15–19; Alma 12:21–23.
*c* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
27 *a* GS Skuld.
*b* 2 Ne. 9:16; Jakob 6:10; L&V 76:36.
**4** 1 *a* GS Vrees.
2 *a* GS Vleeslik.
*b* Hel. 12:7–8.
*c* Mosia 3:18; Hel. 5:9.
*d* GS Skep, Skepping.
3 *a* GS Vergifnis van Sondes.
*b* GS Gewete.
*c* GS Geloof, Glo.

wat ek met julle sal spreek mag hoor en verstaan.

5 Want kyk, as die kennis van die goedheid van [a]God op hierdie tydstip julle laat ontwaak het tot ′n begrip van julle nietigheid, en julle waardelose en gevalle toestand—

6 Ek sê vir julle, as julle gekom het tot ′n [a]besef van die goedheid van God, en sy ongeëwenaarde mag, en sy wysheid, en sy geduld, en sy lankmoedigheid teenoor die kinders van mense; en ook, die [b]versoening wat berei is vanaf die [c]grondlegging van die wêreld, sodat heil daardeur mag kom na hom wat sy [d]vertroue in die Here sou plaas, en ywerig sou wees om sy gebooie te onderhou, en volhard in die geloof en wel tot aan die einde van sy lewe, ek bedoel die lewe van die sterflike liggaam—

7 Ek sê, dat dit die man is wat heil ontvang deur die versoening wat berei is vanaf die grondlegging van die wêreld vir alle mense, wat ewig was vanaf die [a]val van Adam, of wat is, of wat ooit sal wees, en wel tot aan die einde van die wêreld.

8 En dit is die wyse waardeur heil kom: En daar is [a]geen ander heil behalwe hierdie waarvan gespreek is, nóg is daar enige voorwaardes waardeur die mens gered kan word behalwe die voorwaardes wat ek aan julle vertel het.

9 Glo in God; glo dat Hy is, en dat Hy alle dinge geskape het, beide in die hemel en op aarde; glo dat Hy alle [a]wysheid het, en alle mag, beide in die hemel en op aarde; glo dat die mens nie al die dinge kan [b]begryp wat die Here kan begryp nie.

10 En verder, glo dat julle moet [a]bekeer van julle sondes en hulle versaak, en verootmoedig julleself voor God; en vra in opregtheid van hart dat Hy julle moet [b]vergewe; en nou, as julle al hierdie dinge [c]glo, sien toe dat julle hulle [d]doen.

11 En verder sê ek aan julle soos ek vantevore gesê het, dat as julle gekom het tot die kennis van die heerlikheid van God, of as julle geweet het van sy goedheid en [a]gesmaak het van sy liefde, en ′n [b]vergifnis ontvang het van jul sondes, wat sulke uitermate groot vreugde in julle siele veroorsaak het, net so wil ek hê dat julle moet onthou, en altyd in herinnering hou, die grootheid van God, en julle eie [c]nietigheid, en sy [d]goedheid en lankmoedigheid teenoor julle, onwaardige skepsels, en

5*a* Moses 1:10.
6*a* GS God, Godheid.
*b* GS Versoen, Versoening.
*c* Mosia 15:19.
*d* Ps. 36:8; 2 Ne. 22:2; Hel. 12:1. GS Vertrou.
7*a* GS Val van Adam en Eva.
8*a* Hand. 4:12; 2 Ne. 31:21; Mosia 3:17.
9*a* Rom. 11:33–34; Jakob 4:8–13.
*b* Jes. 55:9.
10*a* GS Bekeer, Bekering.
*b* L&V 61:2.
*c* Matt. 7:24–27.
*d* 2 Ne. 31:19–21.
11*a* Alma 36:24–26.
*b* GS Vergifnis van Sondes.
*c* Moses 1:10.
*d* Ex. 34:6; Moro. 8:3.

verootmoedig julle en wel tot in die dieptes van [e]nederigheid, en daagliks die naam van die Here [f]aanroep, en standvastig staan in die geloof van dit wat moet kom, wat gespreek is deur die mond van die engel.

12 En kyk, ek sê vir julle dat as julle dit doen, sal julle jul altyd verheug, en vervul wees met die [a]liefde van God, en altyd vergifnis van jul sonde [b]behou; en julle sal groei in die kennis van die heerlikheid van Hom wat julle geskape het, of in die kennis van dit wat regverdig en waar is.

13 En julle sal nie begeertes hê om mekaar kwaad aan te doen nie, maar om [a]vreedsaam te lewe, en om aan elke man te gee wat hom toekom.

14 En julle sal nie toelaat dat julle [a]kinders honger ly, of naak is nie; nóg sal julle toelaat dat hulle die wette van God oortree, en met mekaar [b]baklei, en twis die een met die ander, en die duiwel dien, wat die meester van sonde is, of wat die bose gees is van wie gespreek is deur ons vaders, hy wat 'n vyand is van alle regverdigheid.

15 Maar julle sal hulle [a]leer om te [b]wandel in die weë van die waarheid en erns; julle sal hulle leer om mekaar [c]lief te hê, en om mekaar te dien.

16 En ook, julle sal diegene [a]bystaan wat behoefte het aan jul bystand; julle sal van julle besittings aan hom gee wat behoefte het; en julle sal nie toelaat dat die [b]bedelaar tevergeefs sy smeekbede tot julle rig, en hom wegstuur om om te kom nie.

17 Miskien sal jy [a]sê: Die man het sy ellende op homself gebring; daarom sal ek my hand terughou, en sal hom nie van my kos gee nie, nóg aan hom van my besittings gee dat hy nie mag ly nie, want sy strawwe is regverdig—

18 Maar ek sê vir jou, o mens, wie dit ook al doen, het groot rede om te bekeer; en tensy hy bekeer van dit wat hy gedoen het, sal hy vir ewig omkom, en het geen deel in die koninkryk van God nie.

19 Want kyk, is ons nie almal bedelaars nie? Is ons nie almal afhanklik van dieselfde Wese, naamlik God, vir al die besittings wat ons het nie, vir beide voedsel en kleding, en vir goud, en vir silwer, en vir al die rykdom wat ons het van allerlei soorte nie?

20 En kyk, juis op hierdie tyd, het julle sy naam aangeroep, en

11 *e* GS Nederig, Nederigheid.
*f* GS Gebed.
12 *a* GS Liefde.
*b* Mosia 4:26; Alma 4:13–14; 5:26–35; L&V 20:31–34.
13 *a* GS Vredemaker.
14 *a* 1 Tim. 5:8; L&V 83:4.
*b* GS Twis.
15 *a* L&V 68:25–28; Moses 6:58. GS Onderrig, Onderwyser.
*b* GS Wandel, Wandel met God.
*c* Mosia 18:21.
16 *a* GS Diens; Naasteliefde.
*b* Deut. 15:7–11; Spr. 21:13; Jes. 10:1–2.
17 *a* Spr. 17:5.

gesmeek om ′n vergifnis van julle sondes. En het Hy toegelaat dat julle vergeefs gepleit het? Nee; Hy het sy Gees uitgestort oor julle en het veroorsaak dat julle harte vervul sou word met [a]vreugde, en het veroorsaak dat julle monde gesluit sou word sodat julle niks kon uiter nie, so uitermate groot was julle vreugde.

21 En nou, as God, wat julle geskape het, van wie julle afhanklik is vir julle lewens en vir alles wat julle het en is, aan julle gee wat julle ook al vra wat reg is, in geloof, en glo dat julle sal ontvang, o, dan, hoe behoort julle nie die besittings wat julle het te [a]deel die een met die ander nie.

22 En as julle die man [a]oordeel wat sy smeekbede tot julle rig vir julle besittings sodat hy nie vergaan nie, en hom veroordeel, hoeveel regverdiger sal julle veroordeling wees omdat julle jul besittings [b]weerhou, wat nie aan julle behoort nie, maar aan God, aan wie ook julle lewe behoort; en tog doen jul geen smeekbede nie, of bekeer nie van die ding wat julle gedoen het nie.

23 Ek sê vir julle, wee daardie man, want sy besittings sal saam met hom vergaan; en nou, ek sê hierdie dinge aan diegene wat [a]ryk is betreffende die dinge van hierdie wêreld.

24 En verder, ek sê vir die armes, julle wat nie het nie, en tog voldoende het, dat julle oorleef van dag tot dag; ek bedoel julle almal wat die bedelaar weier, omdat julle nie het nie; ek wil hê dat julle in jul harte moet sê dat: ek gee nie omdat ek nie het nie, maar as ek gehad het, sou ek [a]gee.

25 En nou, as julle dit in julle harte sê, bly julle onskuldig, anders is julle [a]veroordeel; en julle veroordeling is regverdig, want julle begeer dit wat julle nie ontvang het nie.

26 En nou, ter wille van hierdie dinge wat ek met julle gespreek het—dit is, ter wille van die behoud van ′n vergifnis van julle sondes van dag tot dag, dat julle onskuldig mag [a]wandel voor God—wil ek hê dat julle van jul besittings moet [b]deel met die [c]armes, elke mens volgens dit wat hy het, soos om die hongeriges te [d]voed, die naaktes te klee, die siekes te besoek en by te dra tot hulle verligting beide geestelik en stoflik, volgens hulle behoeftes.

27 En kyk dat al hierdie dinge in wysheid en orde gedoen word, want dit is nie nodig dat ′n man [a]vinniger moet hardloop as wat hy krag het nie. En verder, dit is noodsaaklik dat hy ywerig moet wees, dat hy daardeur die prys

20*a* GS Vreugde.
21*a* GS Diens; Welsyn.
22*a* Matt. 7:1–2; Joh. 7:24.
*b* 1 Joh. 3:17.
23*a* L&V 56:16.
24*a* Mark. 12:44.
25*a* L&V 56:17.
26*a* GS Wandel, Wandel met God.
*b* Jakob 2:17–19.
*c* Sag. 7:10; Alma 1:27. GS Aalmoes, Aalmoese Gee.
*d* Jes. 58:10–11; L&V 104:17–18.
27*a* L&V 10:4.

mag wen; daarom, alle dinge
moet ordelik gedoen word.
28 En ek wil hê dat julle sal ont-
hou, dat wie ook al onder julle
van sy naaste leen, hy die ding
moet teruggee wat hy leen, vol-
gens wat hy ooreengekom het,
anders sal jy sonde begaan; en
miskien sal jy veroorsaak dat jou
naaste ook sonde begaan.
29 En eindelik, ek kan julle nie
al die dinge vertel waardeur julle
sonde mag begaan nie; want daar
is verskillende maniere en wyses,
en wel soveel dat ek hulle nie kan
tel nie.
30 Maar dit kan ek julle sê, dat
as julle nie op julself [a]let nie, en
julle [b]gedagtes, en julle [c]woorde,
en julle dade, en die gebooie van
God onderhou nie, en volhard in
die geloof in dit wat julle gehoor
het aangaande die koms van ons
Here, en wel tot aan die einde van
julle lewens nie, moet julle ver-
gaan. En nou, o mens, onthou, en
vergaan nie.

## HOOFSTUK 5

*Die Heiliges word die seuns en dogters van Christus deur geloof—Hulle word dan by die naam van Christus genoem—Koning Benjamin vermaan hulle om standvastig en onbeweeglik te wees in goeie werke. Ongeveer 124 v.C.*

En nou, dit het gebeur dat toe
koning Benjamin so met sy volk
gespreek het, het hy onder hulle
gestuur, begerende om van sy volk
te weet of hulle die woorde geglo
het wat hy met hulle gespreek het.
2 En hulle het almal met een
stem uitgeroep, en gesê: Ja, ons
glo al die woorde wat u met ons
gespreek het; en ook, ons weet
van hulle sekerheid en waarheid,
vanweë die Gees van die Here Al-
vermoënd, wat 'n geweldige [a]ver-
andering in ons bewerkstellig het,
of in ons harte, sodat ons nie meer
die neiging het om [b]kwaad te
doen nie, maar om voortdurend
goed te doen.
3 En ons, onsself ook, deur die
eindelose goedheid van God, en
die openbaringe van sy Gees, het
groot insae in dit wat moet kom;
en as dit raadsaam was, kon ons
van alle dinge profeteer.
4 En dit is die geloof wat ons ge-
had het in die dinge wat ons ko-
ning met ons gespreek het, wat
ons gebring het tot hierdie groot
kennis, waardeur ons ons verbly
met sulke uitermate groot blyd-
skap.
5 En ons is gewillig om 'n [a]ver-
bond met ons God te sluit om sy
wil te doen, en om gehoorsaam te
wees aan sy gebooie in alle dinge
wat Hy ons sal gebied, al ons oor-
blywende dae, sodat ons nie op
onsself 'n [b]nimmereindigende py-
niging bring nie, soos gespreek is

30*a* Alma 12:14.
GS Waak, Wagte.
*b* Mark. 7:18–23.
GS Gedagtes.
*c* Matt. 15:18–20.
GS Oneerbiedigheid.
**5** 2*a* Alma 5:14.
GS Wedergebore,
Gebore uit God.
*b* Alma 19:33.
5*a* Mosia 18:10.
*b* Mosia 3:25–27.

deur die [c]engel, sodat ons nie mag drink uit die beker van die toorn van God nie.

6 En nou, dit is die woorde wat koning Benjamin van hulle verlang het; en daarom het hy aan hulle gesê: Julle het die woorde gespreek wat ek verlang het; en die verbond wat julle gesluit het, is ʼn regverdige verbond.

7 En nou, vanweë die verbond wat julle gesluit het, sal julle die [a]kinders van Christus genoem word, sy seuns en sy dogters; want kyk, hierdie dag het Hy julle geestelik [b]verwek; want julle sê dat julle [c]harte verander is deur geloof in sy naam; daarom, julle is [d]gebore uit Hom en het sy [e]seuns en sy dogters geword.

8 En onder hierdie hoof word julle [a]vrygemaak, en daar is [b]geen ander hoof waardeur julle vrygemaak kan word nie. Daar is geen ander [c]naam gegee waardeur heil kom nie; daarom, ek wil hê dat julle op julle die [d]naam van Christus moet neem, almal van julle wat die verbond met God gesluit het dat julle gehoorsaam sal wees tot aan die einde van julle lewens.

9 En dit sal gebeur dat wie ook al dit doen, gevind sal word aan die regterhand van God, want hy sal die naam ken waarby hy genoem word; want hy sal by die naam van Christus genoem word.

10 En nou sal dit gebeur, dat wie ook al nie die naam van Christus vir hom sal aanneem nie, by ʼn [a]ander naam genoem moet word; daarom, hy bevind homself aan die [b]linkerhand van God.

11 En ek wil hê dat julle ook sal onthou dat dit die [a]naam is wat ek gesê het ek aan julle sal gee wat nooit uitgewis sal word nie, behalwe as dit deur oortreding is; daarom, pas op dat julle nie oortree nie, dat die naam nie uitgewis word uit julle harte nie.

12 Ek sê vir julle, ek wil hê dat julle sal onthou om die naam te [a]bewaar, altyd geskrewe in julle harte, dat julle nie bevind word aan die linkerhand van God nie, maar dat julle hoor en die stem ken waardeur julle geroep sal word, en ook, die naam wat Hy julle sal noem.

13 Want hoe [a]ken ʼn man die meester vir wie hy nie gedien het nie, en wat ʼn vreemdeling vir hom is, en ver is van die gedagtes en bedoelings van sy hart?

14 En verder, neem ʼn man ʼn

5 *c* Mosia 3:2.
7 *a* Mosia 27:24–26; Moses 6:64–68. GS Seuns en Dogters van God.
*b* GS Verwek.
*c* GS Hart.
*d* Mosia 15:10–11. GS Wedergebore, Gebore uit God.
*e* L&V 11:30.
8 *a* Rom. 6:18; Gal. 5:1; Hel. 14:30.
*b* Hand. 4:10, 12; Alma 21:9.
*c* Mosia 26:18.
*d* Hand. 11:26; Alma 46:15.
10 *a* Alma 5:38–39.
*b* Matt. 25:33.
11 *a* Mosia 1:11–12. GS Jesus Christus—Om die Naam van Jesus Christus op ons te neem.
12 *a* L&V 18:23–25.
13 *a* Mosia 26:24–27.

esel wat aan sy naaste behoort en
hou dit? Ek sê vir julle, Nee; hy
sal nie eers toelaat dat hy wei onder sy kuddes nie, maar sal hom
wegjaag en hom uitwerp. Ek sê vir
julle, dat net so sal dit wees onder julle as julle nie die naam ken
waarby julle genoem word nie.
15 Daarom, ek wil hê dat julle
standvastig en onbeweeglik sal
wees, altyd oorvloedig in goeie
werke, sodat Christus, die Here
God Almagtig, julle as syne mag
[a]verseël, dat julle gebring mag
word na die hemel, sodat julle
ewigdurende heil en die ewige
lewe mag hê, deur die wysheid, en krag, en geregtigheid,
en barmhartigheid van Hom wat
alle dinge [b]geskape het, in die hemel en op aarde, wat God is bo alles. Amen.

## HOOFSTUK 6

*Koning Benjamin teken die name van die volk op en stel priesters aan om hulle te onderrig—Mosia heers as ′n regverdige koning. Ongeveer 124–121 v.C.*

En nou, koning Benjamin het gedink dat dit raadsaam is, nadat
hy klaar met die volk gespreek
het, dat hy die name sou [a]neem
van al diegene wat ′n verbond gesluit het met God om sy gebooie
te onderhou.
2 En dit het gebeur dat daar nie
een siel was nie, tensy dit kindertjies was, wat nie die verbond gesluit het, en die naam van Christus
vir hulle aangeneem het nie.
3 En verder, dit het gebeur dat
toe koning Benjamin ′n einde gemaak het aan al hierdie dinge,
en sy seun [a]Mosia [b]aangestel het
om ′n heerser en ′n koning oor
sy volk te wees, en hom al die
opdragte gegee het aangaande
die koninkryk, en ook priesters
aangestel het om die volk te [c]onderrig, sodat hulle daardeur die
gebooie van God mag hoor en
ken, en om hulle aan te spoor tot
gedagtenis aan die [d]eed wat hulle
afgelê het, het hy die skare weggestuur, en hulle het teruggekeer,
elkeen, volgens hulle gesinne, na
hulle eie huise.
4 En [a]Mosia het begin om te
heers in sy vader se plek. En hy
het begin om te heers in die dertigste jaar van sy ouderdom, wat
dit in totaal omtrent vierhonderd
ses en sewentig jaar maak vanaf
die [b]tyd dat Lehi Jerusalem verlaat het.
5 En koning Benjamin het drie
jaar gelewe, en hy het gesterf.
6 En dit het gebeur dat koning
Mosia in die weë van die Here gewandel het, en sy oordele en sy
insettinge nagekom en sy gebooie
onderhou het in alle dinge wat
Hy hom ook al gebied het.
7 En koning Mosia het sy volk

15*a* GS Heiligmaking; Roeping en Verkiesing.
*b* Kol. 1:16; Mosia 4:2; Alma 11:39.

**6** 1*a* L&V 128:8.
3*a* Mosia 1:10; 2:30.
*b* GS Ordineer, Ordinering.
*c* Alma 4:7.
*d* Mosia 5:5–7.
4*a* GS Mosia, Seun van Benjamin.
*b* 1 Ne. 1:4.

die grond laat bewerk. En hy ook, het self die grond bewerk, sodat hy daardeur [a]nie 'n las vir sy volk sou word nie, sodat hy mag handel volgens dit wat sy vader in alle dinge gehandel het. En daar was geen twiste onder sy hele volk vir 'n tydperk van drie jaar nie.

## HOOFSTUK 7

*Ammon vind die land Lehi-Nefi waar Limhi koning is—Limhi se volk is in slawerny tot die Lamaniete—Limhi vertel hul geskiedenis—'n Profeet (Abinadi) het getuig dat Christus die God en Vader is van alle dinge—Diegene wat vieslikheid saai, oes die warrelwind, en diegene wat hulle vertroue in die Here plaas, sal verlos word. Ongeveer 121 v.C.*

En nou, dit het gebeur dat nadat koning Mosia voortdurende vrede gehad het vir 'n tydperk van drie jaar, was hy begerig om te weet aangaande die mense wat [a]opgegaan het om in die land Lehi-Nefi te woon, of in die stad Lehi-Nefi; want sy volk het niks gehoor van hulle vanaf die tyd dat hulle die land [b]Zarahemla verlaat het nie; daarom, hulle het hom vermoei met hul neulery.

2 En dit het gebeur dat koning Mosia toegestem het dat sestien van hulle sterk manne mag opgaan na die land Lehi-Nefi, om navraag te doen aangaande hulle broers.

3 En dit het gebeur dat hulle die volgende dag begin het om op te gaan, en by hulle was ene Ammon, en hy was 'n sterk en magtige man, en 'n afstammeling van Zarahemla; en hy was ook hulle leier.

4 En nou, hulle het nie die koers geken wat hulle moes reis in die wildernis om op te gaan na die land Lehi-Nefi nie; daarom het hulle baie dae rondgedwaal in die wildernis en wel veertig dae het hulle rondgedwaal.

5 En nadat hulle veertig dae rondgedwaal het, het hulle by 'n heuwel gekom, wat noord is van die land [a]Silom, en daar het hulle hul tente opgeslaan.

6 En Ammon het drie van sy broers geneem, en hulle name was Amaleki, Helem, en Hem, en hulle het afgegaan in die land [a]Nefi.

7 En kyk, hulle het die koning van die volk teëgekom wat in die land Nefi was, en in die land Silom; en hulle is omsingel deur die koning se lyfwag, en is geneem, en is gebind en is in die gevangenis geplaas.

8 En dit het gebeur toe hulle twee dae in die gevangenis was, is hulle weer voor die koning gebring, en hulle boeie is losgemaak; en hulle het voor die koning gestaan en is toegelaat, of eerder beveel, dat hulle die vrae moes beantwoord wat hy hulle sou vra.

9 En hy het aan hulle gesê: Kyk,

7*a* 2 Kor. 11:9.
**7** 1*a* Omni 1:27–30.
*b* Omni 1:13.
5*a* Mosia 9:6, 8, 14.
6*a* 2 Ne. 5:8.

ek is [a]Limhi, die seun van Noag, wat die seun van Zenif was, wat opgekom het uit die land Zarahemla om hierdie land te beërwe, wat die land van hul vaders was, wat ′n koning gemaak is deur die stem van die volk.

10 En nou, ek begeer om die oorsaak te weet waarom julle so gewaagd was as om naby die mure van die stad te kom, toe ek met my wagte buite die poort was?

11 En nou, om hierdie rede het ek toegelaat dat julle beskerm word, dat ek by julle navraag mag doen, of anders sou ek beveel het dat my wagte julle om die lewe moes bring. Julle mag praat.

12 En nou, toe Ammon sien dat hy toegelaat was om te praat, het hy na vore gestap en homself neergebuig voor die koning; en toe hy weer opstaan, sê hy: O, koning, ek is voor God vandag baie dankbaar dat ek nog lewe, en toegelaat word om te spreek; en ek sal poog om met vrymoedigheid te spreek;

13 Want ek is seker dat as u my geken het, u nie sou toegelaat het dat ek hierdie boeie moes dra nie. Want ek is Ammon, en is ′n afstammeling van [a]Zarahemla, en het opgekom uit die land Zarahemla om navraag te doen aangaande ons broers, wat Zenif uitgebring het uit daardie land.

14 En nou, dit het gebeur dat nadat Limhi die woorde gehoor het van Ammon, was hy uitermate verheug, en het gesê: Nou, ek weet vir seker dat my broers wat in die land Zarahemla was, nog lewe. En nou, ek sal my verbly; en môre sal ek sorg dat my volk hulle ook verbly.

15 Want kyk, ons is in slawerny onder die Lamaniete, en word [a]belas met ′n belasting wat swaar is om te dra. En nou, kyk, ons broers sal ons verlos uit ons slawerny, of uit die hande van die Lamaniete, en ons sal hulle slawe wees; want dit is beter dat ons slawe van die Nefiete is, as om belasting te betaal aan die koning van die Lamaniete.

16 En nou, koning Limhi het sy wagte beveel dat hulle nie langer vir Ammon of sy broers moes bind nie, maar het beveel dat hulle na die heuwel gaan wat noord van Silom was, en hulle broers die stad inbring, dat hulle sodoende mag eet en drink, en hulleself uitrus na die vermoeienis van hulle reis; want hulle het baie dinge gely; hulle het honger, dors en uitputting gely.

17 En nou, dit het gebeur op die volgende dag dat koning Limhi ′n aankondiging laat uitroep het onder sy hele volk, dat hulle hulself daarvolgens mag bymekaarmaak by die [a]tempel, om die woorde te hoor wat hy met hulle sou spreek.

18 En dit het gebeur dat nadat hulle hulself versamel het, dat hy met hulle gespreek het op hierdie wyse, en gesê het: O julle, my

9*a* Mosia 11:1.
13*a* Omni 1:12–15.
15*a* Mosia 19:15.
17*a* 2 Ne. 5:16.

volk, rig julle hoofde op en wees
getroos; want kyk, die tyd is op
hande, of is nie ver nie, wanneer
ons nie langer onderdanig sal
wees aan ons vyande nie, nieteen-
staande ons baie worstelinge, wat
vergeefs was; tog vertrou ek dat
daar ʼn doeltreffende stryd oor-
bly om gestry te word.
19 Daarom, rig julle hoofde op,
en verheug julle, en stel julle ver-
troue in [a]God, in daardie God
wat die God was van Abraham,
en Isak, en Jakob; en ook, daardie
God wat die kinders van Israel
[b]uitgebring het uit Egipteland,
en hulle deur die Rooi See laat
loop op droë grond, en hulle ge-
voed het met [c]manna sodat hulle
nie mag vergaan in die wildernis
nie; en baie meer dinge het Hy vir
hulle gedoen.
20 En verder, daardie selfde
God het ons vaders [a]uitgebring
uit die land Jerusalem, en het sy
volk behoed en bewaar en wel tot
op hede; en kyk, dit is vanweë ons
ongeregtighede en gruwels dat
Hy ons in slawerny gebring het.
21 En julle is vandag almal ge-
tuies, dat Zenif, wat koning ge-
maak is oor hierdie volk, omdat
hy [a]oorywerig was om die land
van sy vaders te beërwe, daarom
is hy bedrieg deur die sluheid
en listigheid van koning Laman,
wat ʼn verdrag met koning Zenif
aangegaan het, en in sy hande
die besit oorgelewer het van ʼn
deel van die land, oftewel die stad
Lehi-Nefi, en die stad Silom; en
die omliggende land—
22 En dit alles het hy gedoen,
met die uitsluitlike doel om hier-
die volk tot onderdanigheid te
[a]bring of in slawerny. En kyk, op
hierdie tydstip betaal ons belas-
ting aan die koning van die La-
maniete, ten bedrae van een helfte
van ons mielies, en ons gars, en
wel al ons graan van elke soort,
en een helfte van die aanwas van
ons kuddes en ons troppe; en wel
een helfte van alles wat ons het of
besit, eis die koning van die La-
maniete van ons, of ons lewens.
23 En nou, is dit nie swaar om
te verdra nie? En is dit, ons ver-
drukking, nie groot nie? Nou kyk,
hoeveel rede het ons om te treur.
24 Ja, ek sê vir julle, groot is die
redes wat ons het om te treur;
want kyk hoeveel van ons broers
is gedood, en hulle bloed is tever-
geefs gestort, en alles vanweë on-
geregtigheid.
25 Want as hierdie volk nie ver-
val het in oortreding nie, sou die
Here nie toegelaat het dat hierdie
groot kwaad oor hulle gekom het
nie. Maar kyk, hulle wou nie op
sy woorde ag slaan nie; maar daar
het twiste ontstaan onder hulle,
en wel tot so ʼn mate dat hulle
bloed onder mekaar vergiet het.
26 En hulle het ʼn [a]profeet van

19*a* Ex. 3:6; 1 Ne. 19:10.
*b* Ex. 12:40–41; Alma 36:28.
*c* Ex. 16:15, 35; Núm. 11:7–8; Jos. 5:12.
20*a* 1 Ne. 2:1–4.
21*a* Mosia 9:1–3.
22*a* Mosia 10:18.
26*a* Mosia 17:12–20.

die Here doodgemaak; ja, 'n uitverkore man van God, wat hulle vertel het van hulle boosheid en gruwels, en geprofeteer het van baie dinge wat moet kom, ja, en selfs die koms van Christus.

27 En omdat hy aan hulle gesê het dat Christus die [a]God was, die Vader van alle dinge, en gesê het dat Hy vir Hom die gestalte van 'n mens sou [b]aanneem, en dit sou die gestalte wees waarna die mens geskape is in die begin; of met ander woorde, hy het gesê dat die mens geskape is volgens die gestalte van [c]God, en dat God sou neerdaal onder die kinders van mense, en vir Hom vlees en bloed sou aanneem, en sou uitgaan op die aangesig van die aarde—

28 En nou, omdat hy dit gesê het, het hulle hom doodgemaak; en baie meer dinge het hulle gedoen wat die toorn van God op hulle neergebring het. Daarom, wie wonder dat hulle in slawerny is, en dat hulle getref word met sware verdrukkinge?

29 Want kyk, die Here het gesê: Ek sal my volk nie [a]bystaan op die dag van hulle oortreding nie; maar Ek sal hulle weë versper sodat hulle nie voorspoedig is nie; en hulle dade sal soos 'n struikelblok voor hulle wees.

30 En verder, Hy het gesê: As my volk [a]vieslikheid sal saai, sal hulle die kaf daarvan [b]maai in die warrelwind; en die uitwerking daarvan is gif.

31 En verder, Hy het gesê: As my volk vieslikheid sal saai, sal hulle die [a]oostewind maai, wat onmiddellike vernietiging meebring.

32 En nou, kyk, die belofte van die Here is vervul, en julle word geslaan en verdruk.

33 Maar as julle sal [a]keer na die Here met volle voorneme van hart, en julle vertroue in Hom stel, en Hom dien met alle ywer van verstand, as julle dit doen, sal Hy, volgens sy eie wil en behae, julle verlos uit slawerny.

## HOOFSTUK 8

*Ammon leer die volk van Limhi—Hy hoor van die vier en twintig Jereditiese plate—Antieke kronieke kan vertaal word deur sieners—Geen gawe is groter as sienerskap nie. Ongeveer 121 v.C.*

En dit het gebeur dat nadat koning Limhi 'n einde gemaak het om te spreek met sy volk, want hy het baie dinge gespreek met hulle en slegs 'n paar daarvan het ek geskrywe in hierdie boek, het hy sy volk al die dinge vertel aangaande hulle broers wat in die land Zarahemla was.

2 En hy het Ammon gevra om op te staan voor die skare, en hulle alles te vertel wat met hulle

27 *a* GS God, Godheid.
*b* Gén. 1:26–28; Ether 3:14–17; L&V 20:17–18.
*c* Mosia 13:33–34; 15:1–4.
29 *a* 1 Sam. 12:15; 2 Kron. 24:20.
30 *a* GS Vieslik, Vieslikheid.
*b* Gal. 6:7–8; L&V 6:33. GS Oes.
31 *a* Jer. 18:17; Mosia 12:6.
33 *a* Morm. 9:6.

broers gebeur het, vanaf die tyd dat Zenif opgegaan het uit die land, en wel tot die tyd dat hyself opgekom het uit die land.

3 En hy het ook aan hulle die laaste woorde oorvertel wat koning Benjamin hulle geleer het, en hulle verduidelik aan die volk van koning Limhi, sodat hulle al die woorde kon verstaan wat hy gespreek het.

4 En dit het gebeur dat nadat hy dit alles gedoen het, het koning Limhi die skare weggestuur en beveel dat hulle elkeen na sy eie huis moes terugkeer.

5 En dit het gebeur dat hy opdrag gegee het dat die plate wat die [a]kroniek bevat het van sy volk vanaf die tyd dat hulle die land Zarahemla verlaat het, voor Ammon gebring moes word, sodat hy hulle mag lees.

6 Nou, nadat Ammon die kroniek gelees het, het die koning hom gevra of hy tale kon vertolk, en Ammon het aan hom gesê dat hy nie kon nie.

7 En die koning het aan hom gesê: Omdat ek bedroef was oor die verdrukkinge van my volk, het ek drie en veertig manne van my volk ′n reis laat onderneem, die wildernis in, sodat hulle daardeur die land Zarahemla mag vind, sodat ons ′n beroep op ons broers kon doen om ons te verlos uit slawerny.

8 En hulle was verdwaal in die wildernis vir ′n tydperk van baie dae, tog was hulle ywerig, en het nie die land Zarahemla gevind nie, maar het teruggekeer na hierdie land, nadat hulle gereis het in ′n land tussen baie waters, en ′n land ontdek het wat besaai was met die beendere van mense, en van diere, en ook bedek was met ruïnes van geboue van allerlei soorte, en het ′n land ontdek wat bewoon was deur ′n volk wat so talryk was soos die leërskare van Israel.

9 En as ′n getuienis dat die dinge wat hulle gesê het waar is, het hulle [a]vier en twintig plate gebring wat gevul is met graveerwerk, en hulle is van suiwer goud.

10 En kyk, ook, hulle het [a]borsplate gebring, wat groot is, en hulle is van [b]brons en van koper, en is volkome sterk.

11 En verder, hulle het swaarde gebring, die hewwe daarvan het verweer, en die lemme daarvan was deur roes gevreet; en daar is niemand in die land wat in staat is om die taal te vertolk of die graverings wat op die plate is nie. Daarom het ek aan jou gesê: Kan jy vertaal?

12 En ek sê weer aan jou: Weet jy van enigeen wat kan vertaal? Want ek is begerig dat hierdie kronieke in ons taal vertaal moet word; want miskien sal hulle ons ′n kennis gee van ′n oorblyfsel van die volk wat vernietig is, van waar hierdie kronieke gekom

**8** 5*a* Mosia 9–22.
9*a* Ether 1:1–2.
10*a* Ether 15:15.
*b* Ether 10:23.

het; of miskien sal hulle vir ons ʼn kennis gee van hierdie selfde volk wat vernietig is; en ek is begerig om die oorsaak te weet van hulle vernietiging.

13 Nou het Ammon aan hom gesê: Ek kan u vir seker vertel, o koning, van ʼn man wat die kronieke kan [a]vertaal; want hy besit iets waarmee hy kan kyk, en alle ou kronieke vertaal; en dit is ʼn gawe van God. En die dinge word [b]vertolkers genoem, en geen mens kan in hulle kyk nie tensy hy beveel word, uit vrees dat hy daarin soek vir dit wat hom nie toekom nie en sou vergaan. En wie ook al beveel word om daarin te kyk, dié word ʼn [c]siener genoem.

14 En kyk, die koning van die volk wat in die land Zarahemla is, is die man wat beveel is om hierdie dinge te doen, en wat hierdie verhewe gawe van God het.

15 En die koning het gesê dat ʼn siener groter is as ʼn profeet.

16 En Ammon het gesê dat ʼn siener ʼn openbaarder is en ook ʼn profeet; en ʼn gawe wat groter is, kan geen mens hê nie, tensy hy die krag van God sou besit, wat geen mens kan nie; tog mag ʼn mens groot krag hê, wat aan hom gegee is deur God.

17 Maar ʼn siener kan weet van dinge wat verby is, en ook van dinge wat moet kom, en deur hulle sal alle dinge geopenbaar word, of eerder, sal geheime dinge bekendgemaak word, en verborge dinge sal aan die lig kom, en dinge wat nie bekend is nie, sal bekendgemaak word deur hulle, en ook sal dinge bekendgemaak word deur hulle wat andersins nie bekend kan wees nie.

18 Dus het God ʼn wyse voorsien dat die mens, deur geloof, magtige wonderwerke mag verrig; daarom word hy ʼn groot voordeel vir sy medemens.

19 En nou, toe Ammon ʼn einde gemaak het om hierdie woorde te spreek, het die koning hom uitermate verbly, en God gedank en gesê: Ongetwyfeld is daar ʼn [a]groot verborgenheid in hierdie plate opgesluit, en hierdie vertolkers is ongetwyfeld berei vir die doel om al sulke verborgenhede te ontvou aan die kinders van mense.

20 O, hoe wonderbaarlik is die werke van die Here, en hoe lankmoedig is Hy met sy volk; ja, en hoe blind en ondeurdringbaar is die begrippe van die kinders van mense; want hulle wil nie na wysheid soek nie, nóg begeer hulle dat [a]sy oor hulle moet regeer!

21 Ja, hulle is soos ʼn wilde trop wat wegvlug van die skaapherder, en verstrooi raak, en verjaag word, en opgevreet word deur die wilde diere van die woud.

---

13 *a* Mosia 28:10–17.
*b* GS Urim en Tummim.
*c* GS Siener.
19 *a* Ether 3:21–28; 4:4–5.
20 *a* DI Wysheid, ʼn selfstandige naamwoord in Hebreeus en Grieks in die vroulike vorm gebruik. Spr. 9:1; Matt. 11:19.

Die Kroniek van Zenif—'n Kroniek van sy volk, vanaf die tyd dat hulle die land Zarahemla verlaat het tot die tyd toe hulle verlos is uit die hande van die Lamaniete.

*Dit behels hoofstukke 9 tot 22.*

## HOOFSTUK 9

*Zenif lei 'n groep vanaf Zarahemla om die land Lehi-Nefi in besit te neem—Die Lamanitiese koning laat hulle toe om die land te beërwe—Daar is oorlog tussen die Lamaniete en Zenif se volk. Ongeveer 200–187 v.C.*

Ek, Zenif, wat onderrig is in die volledige taal van die Nefiete, en wat 'n kennis besit het van die [a]land Nefi, of van die land van ons vaders se eerste erfenis, en wat gestuur is as 'n verkenner onder die Lamaniete sodat ek hulle magte mag verken, sodat ons leër op hulle mag kom en hulle vernietig—maar toe ek dit gesien het wat goed was onder hulle, was ek begerig dat hulle nie vernietig moes word nie.

2 Daarom, ek het gestry met my broers in die wildernis, want ek wou hê dat ons leier 'n verdrag met hulle moes aangaan; maar omdat hy 'n streng en 'n bloeddorstige man was, het hy beveel dat ek doodgemaak moes word; maar ek is gered deur baie bloedvergieting; want vader het teen vader geveg, en broer teen broer, totdat die grootste gedeelte van ons leër vernietig is in die wildernis; en ons het teruggekeer, diegene van ons wat gespaar is, na die land Zarahemla, om daardie verhaal te vertel aan hulle vroue en hul kinders.

3 En tog, omdat ek oorywerig was om die land van ons vaders te beërwe, het ek soveel bymekaargemaak as wat begerig was om op te gaan om die land in besit te neem, en het weer begin op ons reis die wildernis in, om op te gaan na die land; maar ons is getref deur hongersnood en sware verdrukkinge; want ons was traag om die Here ons God te onthou.

4 Nogtans, na baie dae se ronddwaal in die wildernis, het ons ons tente opgeslaan op die plek waar ons broers doodgemaak is, wat naby die land van ons vaders was.

5 En dit het gebeur dat ek weer met vier van my manne die stad binnegegaan het, in na die koning toe, sodat ek mag weet van die gesindheid van die koning, en sodat ek mag weet of ek mag ingaan met my volk en die land in vrede in besit mag neem.

6 En ek het na die koning ingegaan, en hy het met my 'n verbond gesluit dat ek die land Lehi-Nefi mag besit, en die land Silom.

7 En hy het ook beveel dat sy volk moes vertrek uit die land, en ek en my volk het die land binnegegaan dat ons dit mag besit.

8 En ons het begin om geboue te

**9** 1*a* 2 Ne. 5:5–8; Omni 1:12.

bou, en om die mure van die stad te herstel, ja, naamlik die mure van die stad Lehi-Nefi, en die stad Silom.

9 En ons het begin om die grond te bewerk, ja, waarlik met allerhande soorte sade, met sade van mielies, en van koring, en van gars, en met neas, en met sjeum, en met sade van allerhande soorte vrugte; en ons het begin om te vermenigvuldig en voorspoedig te wees in die land.

10 Nou, dit was die sluheid en listigheid van koning Laman, om my volk in slawerny te [a]bring, dat hy die land oorgegee het, dat ons dit mag besit.

11 Daarom het dit gebeur dat nadat ons in die land gewoon het vir ′n tydperk van twaalf jaar, dat koning Laman onrustig begin word het, uit vrees dat my volk op een of ander wyse sterk sou word in die land, en dat hulle hul nie kon oorweldig en hulle in slawerny bring nie.

12 Nou, hulle was ′n lui en ′n [a]afgodsvolk; daarom was hulle begerig om ons in slawerny te bring, sodat hulle hulself mag te buite gaan met die arbeid van ons hande; ja, sodat hulle mag feesvier op die kuddes van ons weivelde.

13 Daarom het dit gebeur dat koning Laman sy volk begin opstook het, sodat hulle met my volk moes veg; daarom het daar oorloë en twiste begin plaasvind in die land.

14 Want, in die dertiende jaar van my heerskappy in die land Nefi, weg na die suide van die land Silom, toe my volk besig was om hulle kuddes water te gee en te laat wei, en hulle lande te bewerk, het ′n talryke leërskare van Lamaniete op hulle afgekom en begin om hulle dood te maak, en om hulle kuddes af te neem, en die mielies van hulle lande.

15 Ja, en dit het gebeur dat hulle gevlug het, almal wat nie ingehaal is nie, en wel tot in die stad Nefi, en het tot my geroep om beskerming.

16 En dit het gebeur dat ek hulle bewapen het met boë, en met pyle, met swaarde, en met sabels, en met knuppels, en met slingers, en met allerhande soorte wapens wat ons kon bedink, en ek en my volk het uitgegaan teen die Lamaniete om te veg.

17 Ja, in die krag van die Here het ons uitgetrek om te veg teen die Lamaniete; want ek en my volk het kragtig tot die Here geroep dat Hy ons sou verlos uit die hande van ons vyande, want ons is verwek tot ′n herinnering aan verlossing van ons vaders.

18 En God het ons geroep [a]gehoor en het ons gebede beantwoord; en ons het uitgegaan in sy krag; ja, ons het uitgegaan teen die Lamaniete, en in een dag en ′n nag het ons drieduisend drie en veertig doodgemaak; ons het

10*a* Mosia 7:21–22.
12*a* Enos 1:20.
GS Afgodery.
18*a* Mosia 29:20.

hulle doodgemaak en wel totdat ons hulle uit ons land verdryf het.

19 En ek het met my eie hande gehelp om hulle dooies te begrawe. En kyk, tot ons groot verdriet en berou, is tweehonderd nege en sewentig van ons broers gedood.

## HOOFSTUK 10

*Koning Laman sterf—Sy volk is wild en wreed en glo in valse oorleweringe—Zenif en sy volk seëvier teen hulle. Ongeveer 187–160 v.C.*

En dit het gebeur dat ons weer die koninkryk begin vestig het, en ons het weer begin om die land in vrede in besit te neem. En ek het beveel dat daar wapens van oorlog van allerlei soorte gemaak moes word, sodat ek daardeur wapens mag hê vir my volk vir die tyd dat die Lamaniete weer teen ons sou optrek om oorlog te maak teen my volk.

2 En ek het wagte rondom die land opgestel, sodat die Lamaniete nie weer onverhoeds teen ons mag opkom en ons vernietig nie; en so het ek my volk en my kuddes bewaak, en verhoed dat hulle in die hande van ons vyande val.

3 En dit het gebeur dat ons die land van ons vaders beërwe het vir baie jare lank, ja, vir ʼn tydperk van twee en twintig jaar.

4 En ek het die manne die grond laat bewerk en allerhande [a]soorte graan verbou en allerhande vrugte van elke soort.

5 En ek het die vroue laat spin, en arbei, en werk, en allerhande fyn [a]linne laat maak, ja, en linne van elke soort, sodat ons ons naaktheid kon bedek; en so was ons voorspoedig in die land—so het ons voortdurende vrede in die land gehad vir ʼn tydperk van twee en twintig jaar.

6 En dit het gebeur dat koning [a]Laman gesterf het, en sy seun het begin om in sy plek te heers. En hy het begin om sy volk op te stook om te rebelleer teen my volk; daarom het hulle begin om voor te berei vir oorlog, en om teen my volk op te trek in die stryd.

7 Maar ek het my spioene rondgestuur in die land [a]Semlon, sodat ek hulle voorbereidsels kon ontdek, sodat ek teen hulle mag waak, sodat hulle nie my volk mag aanval en hulle vernietig nie.

8 En dit het gebeur dat hulle opgekom het in die noorde van die land Silom, met hulle talryke leërskare, manne [a]gewapend met [b]boë, en met pyle, en met swaarde, en met sabels, en met klippe, en met slingers; en hulle het hul hoofde geskeer dat hulle nakend was; en hulle was omgord met ʼn leergordel om hulle lendene.

9 En dit het gebeur dat ek beveel het dat die vroue en kinders van my volk versteek moes word in die wildernis; en ek het

**10** 4*a* Mosia 9:9.
5*a* Alma 1:29.
6*a* Mosia 9:10–11; 24:3.
7*a* Mosia 11:12.
8*a* Jarom 1:8.
*b* Alma 3:4–5.

ook beveel dat al my ou manne wat wapens kon dra, en ook al my jong manne wat in staat was om wapens te dra, hulleself moes bymekaarmaak om in die stryd te gaan teen die Lamaniete; en ek het hulle in hul slagorde opgestel, elke man volgens sy ouderdom.

10 En dit het gebeur dat ons in die stryd opgegaan het teen die Lamaniete; en ek, selfs ek, in my ouderdom, het opgegaan in die stryd teen die Lamaniete. En dit het gebeur dat ons opgegaan het in die [a]krag van die Here in die stryd.

11 Nou, die Lamaniete het niks geweet aangaande die Here nie, nóg die krag van die Here, daarom het hulle staatgemaak op hulle eie krag. Tog was hulle ʼn sterk volk, volgens die krag van mense.

12 Hulle was ʼn [a]wilde, en wrede, en ʼn bloeddorstige volk, wat geglo het aan die [b]oorleweringe van hulle vaders, en dit is—Hulle het geglo dat hulle verdrywe is uit die land Jerusalem vanweë die ongeregtighede van hulle vaders, en dat hulle deur hulle broers veronreg is in die wildernis, en hulle is ook veronreg terwyl hulle die see oorgesteek het;

13 En verder, dat hulle veronreg was terwyl hulle in die land van hulle [a]eerste erfenis was, nadat hulle die see oorgesteek het, en dit alles omdat Nefi meer getrou was om die gebooie van die Here te onderhou—daarom is hy [b]begunstig deur die Here, want die Here het sy gebede gehoor en hulle beantwoord, en hy het die leiding geneem van hulle reis in die wildernis.

14 En sy broers was toornig op hom omdat hulle nie die handelinge van die Here [a]verstaan het nie; hulle was ook [b]toornig op hom op die waters, omdat hulle hul harte verhard het teen die Here.

15 En verder, hulle was toornig op hom toe hulle in die beloofde land aangekom het, omdat hulle gesê het dat hy die [a]heerskappy oor die volk uit hulle hande geneem het; en hulle het gesoek om hom dood te maak.

16 En verder, hulle was toornig op hom omdat hy die wildernis ingetrek het soos die Here hom beveel het, en die [a]kronieke geneem het wat gegraveer was op die plate van brons, want hulle het gesê dat hy hulle [b]beroof het.

17 En so het hulle hul kinders geleer dat hulle hul moes haat, en dat hulle hul moes vermoor, en dat hulle hul moes beroof en plunder, en alles doen wat hulle kon om hulle te vernietig; daarom het hulle ʼn ewige haat teenoor die kinders van Nefi.

18 Om hierdie rede het koning Laman, deur sy sluheid en listige leuentaal, en sy mooi beloftes,

10*a* GS Vertrou.
12*a* Alma 17:14.
*b* 2 Ne. 5:1–3.
13*a* 1 Ne. 18:23.
*b* 1 Ne. 17:35.
14*a* 1 Ne. 15:7–11.
*b* 1 Ne. 18:10–11.
15*a* 2 Ne. 5:3.
16*a* 2 Ne. 5:12.
*b* Alma 20:10, 13.

my bedrieg, sodat ek hierdie, my volk, in hierdie land gebring het, sodat hulle hul mag vernietig; ja, en ons het hierdie baie jare gely in die land.

19 En nou ek, Zenif, nadat ek al hierdie dinge aan my volk vertel het aangaande die Lamaniete, het ek hulle aangespoor om te gaan veg met hulle mag, en hul vertroue in die Here te plaas; daarom, ons het geveg teen hulle, van aangesig tot aangesig.

20 En dit het gebeur dat ons hulle weer uitgedrywe het uit ons land; en ons het hulle geslag met ′n groot slagting, en wel so baie, dat ons hulle nie getel het nie.

21 En dit het gebeur dat ons weer teruggekeer het na ons eie land, en my volk het weer begin om hulle kuddes te versorg en hulle grond te bewerk.

22 En nou ek, omdat ek oud is, het die koninkryk oorgedra aan een van my seuns; daarom, ek sê niks meer nie. En mag die Here my volk seën. Amen.

## HOOFSTUK 11

*Koning Noag heers in boosheid—Hy verlustig hom in ′n losbandige leefwyse met sy vroue en byvroue—Abinadi profeteer dat die volk in slawerny geneem sal word—Sy lewe word gesoek deur Koning Noag. Ongeveer 160–150 v.C.*

En nou het dit gebeur dat Zenif die koninkryk oorgedra het aan Noag, een van sy seuns; daarom het Noag in sy plek begin heers; en hy het nie gewandel in die weë van sy vader nie.

2 Want kyk, hy het nie die gebooie van God onderhou nie, maar hy het gewandel volgens die begeertes van sy eie hart. En hy het baie vroue en [a]byvroue gehad. En hy het [b]veroorsaak dat sy volk sondig, en dit doen wat gruwelik was in die oë van die Here. Ja, en hulle het [c]hoereryе gepleeg en allerlei booshede.

3 En hy het ′n belasting opgelê van een vyfde deel van alles wat hulle besit het, ′n vyfde deel van hulle goud en van hulle silwer, en ′n vyfde deel van hulle [a]zif, en van hulle koper, en van hulle brons en hulle yster; en ′n vyfde deel van hulle vetgemaakte vee; en ook ′n vyfde deel van al hulle graan.

4 En dit alles het hy geneem om homself te onderhou, en sy vroue en sy byvroue; en ook sy priesters, en hulle vroue en hulle byvroue; so het hy die sake van die koninkryk verander.

5 Want hy het al die priesters wat deur sy vader aangestel is, afgesit, en nuwes aangestel in hulle plekke, sodaniges as wat in die hoogmoed van hulle harte verhef geword het.

6 Ja, en so is hulle onderhou in hulle luiheid, en in hulle afgodery,

**11** 2*a* Jakob 3:5.
*b* 1 Kon. 14:15–16; Mosia 29:31.
*c* 2 Ne. 28:15.
3*a* HEB verwante woorde: byvoeglike naamwoord, "blink"; werkwoord, "om oor te trek of te plateer".

en in hulle hoererye, deur die belastings wat koning Noag geplaas het op sy volk; so het die volk uitermate gearbei om ongeregtigheid te onderhou.

7 Ja, en hulle het ook afgodedienaars geword, omdat hulle bedrieg was deur die ydele en vleiende woorde van die koning en priesters; want hulle het vleiende dinge met hulle gespreek.

8 En dit het gebeur dat koning Noag baie sierlike en ruim geboue gebou het; en hy het hulle versier met keurige werk van hout, en met allerhande kosbare dinge, van goud, en van silwer, en van yster, en van brons, en van zif, en van koper;

9 En hy het ook vir hom 'n ruim paleis gebou, en 'n troon in die middel daarvan, wat alles van fyn hout was, en versier was met goud en silwer en met kosbare dinge.

10 En hy het ook beveel dat sy ambagsmanne allerhande keurige werk moes doen aan die binnekant van die mure van die tempel, van fyn hout, en van koper, en van brons.

11 En die sitplekke wat afgesonder is vir die hoëpriesters, wat bo al die ander sitplekke was, het hy versier met suiwer goud; en hy het 'n borswering laat bou voor hulle, sodat hulle hul liggame en hul arms daarop kon rus terwyl hulle leuenagtige en ydele woorde spreek met sy volk.

12 En dit het gebeur dat hy 'n [a]toring naby die tempel gebou het; ja, 'n baie hoë toring, en wel so hoog dat hy op die top daarvan kon staan en kyk oor die land Silom en ook die land Semlon kon bekyk, wat deur die Lamaniete beset was; en hy kon oor die hele land rondomheen kyk.

13 En dit het gebeur dat hy baie geboue in die land Silom laat bou het; en hy het 'n groot toring laat bou op die heuwel noord van die land Silom, wat 'n vergaderplek was vir die kinders van Nefi in die tyd toe hulle uit die land gevlug het; en so het hy gedoen met die rykdomme wat hy verkry het deur sy volk te belas.

14 En dit het gebeur dat hy sy hart gestel het op sy rykdomme, en hy het sy tyd deurgebring deur losbandig te lewe met sy vroue en sy byvroue; en so het sy priesters ook hulle tyd deurgebring met hoere.

15 En dit het gebeur dat hy wingerde dwarsdeur die land geplant het; en hy het wynparse gebou, en het wyn in oorvloed gemaak; en daarom het hy 'n [a]wynsuiper geword, en ook sy volk.

16 En dit het gebeur dat die Lamaniete op sy volk begin afkom het, op klein groepies, en om hulle te dood in hul lande, en terwyl hulle hul kuddes opgepas het.

17 En koning Noag het wagte dwarsdeur die land uitgestuur om hulle weg te hou; maar hy

12*a* Mosia 19:5–6.

15*a* GS Woord van Wysheid.

het nie ′n voldoende aantal ge-
stuur nie, en die Lamaniete het op
hulle afgekom en het hulle dood-
gemaak, en baie van hulle kud-
des uit die land uitgejaag; so het
die Lamaniete begin om hulle te
vernietig, en om hul haat op hulle
uit te oefen.
18 En dit het gebeur dat koning
Noag sy leërs teen hulle gestuur
het, en hulle is teruggedrywe, of
hulle het hul vir ′n tydlank terug-
gedrywe; daarom, hulle het terug-
gekeer met juiging oor hulle buit.
19 En nou, vanweë hierdie groot
oorwinning het hulle verhef ge-
word in die hoogmoed van hulle
harte; hulle het [a]geroem in hulle
eie krag, en gesê dat hulle vyf-
tig kon staan teen duisende van
die Lamaniete; en so het hulle
geroem, en het behae geskep in
bloed, en die vergieting van die
bloed van hulle broers, en dit van-
weë die boosheid van hulle ko-
ning en priesters.
20 En dit het gebeur dat daar
′n man onder hulle was, wie se
naam [a]Abinadi was; en hy het on-
der hulle uitgegaan, en begin om
te profeteer, en gesê: Kyk, so sê die
Here, en so het Hy my gebied, en
gesê, Gaan uit, en sê vir hierdie
volk, so sê die Here—Wee hierdie
volk, want Ek het hulle gruwels
gesien, en hulle boosheid, en hulle
hoererye; en tensy hulle bekeer,
sal Ek hulle besoek in my toorn.
21 En tensy hulle bekeer en tot
die Here hulle God keer, kyk, Ek
sal hulle oorgee in die hande van
hulle vyande; ja, en hulle sal in
[a]slawerny gebring word; en hulle
sal gekwel word deur die hand
van hulle vyande.
22 En dit sal gebeur dat hulle sal
weet dat Ek die Here hulle God is,
en ′n [a]jaloerse God is, wat die on-
geregtighede van my volk besoek.
23 En dit sal gebeur dat tensy
hierdie volk bekeer en hulle keer
tot die Here hulle God, sal hulle
in slawerny gebring word; en
niemand sal hulle verlos nie, be-
halwe dat dit die Here die Almag-
tige God is.
24 Ja, en dit sal gebeur dat wan-
neer hulle tot My sal roep, sal
ek [a]traag wees om hulle geroep
te hoor; ja, en Ek sal toelaat dat
hulle aangeval word deur hulle
vyande.
25 En tensy hulle bekeer in sak
en as, en kragtig uitroep tot die
Here hulle God, sal Ek nie hulle
gebede [a]verhoor nie, nóg sal Ek
hulle red uit hulle verdrukkinge;
en so sê die Here, en so het Hy
my gebied.
26 Nou het dit gebeur dat toe
Abinadi hierdie woorde gespreek
het met hulle, was hulle toornig
op hom, en het gesoek om sy lewe
te neem; maar die Here het hom
verlos uit hulle hande.
27 Nou, toe koning Noag van die

19*a* L&V 3:4.
GS Hoogmoed.
20*a* GS Abinadi.
21*a* Mosia 12:2; 20:21; 21:13–15; 23:21–23.
22*a* Ex. 20:5; Deut. 6:15; Mosia 13:13.
24*a* Miga 3:4; Mosia 21:15.
25*a* Jes. 1:15; 59:2.

woorde gehoor het wat Abinadi
met die volk gespreek het, was hy
ook toornig; en hy het gesê: Wie is
Abinadi, dat ek en my volk deur
hom geoordeel moet word, of [a]wie
is die Here, wat oor my volk so 'n
groot verdrukking sal bring?
28 Ek beveel julle om Abinadi
hierheen te bring, dat ek hom mag
doodmaak, want hy het hierdie
dinge gespreek sodat hy my volk
mag aanhits tot toorn teen me-
kaar, en om twiste te verwek on-
der my volk; daarom sal ek hom
doodmaak.
29 Nou, die oë van die volk was
[a]verblind; daarom het hulle hul
harte [b]verhard teen die woorde
van Abinadi, en hulle het van
daardie tyd af gesoek om hom te
neem. En koning Noag het sy hart
verhard teen die woorde van die
Here, en hy het nie bekeer van sy
bose dade nie.

## HOOFSTUK 12

*Abinadi word in die gevangenis gewerp omdat hy geprofeteer het oor die vernietiging van die volk en oor die dood van koning Noag—Die valse priesters haal die skrifte aan en maak of hulle die wet van Moses onderhou—Abinadi begin om vir hulle die tien gebooie te leer. Ongeveer 148 v.C.*

En dit het gebeur dat na 'n tyd-
perk van twee jaar het Abinadi
vermom onder hulle ingekom,
sodat hulle hom nie geken het
nie, en het begin om te profeteer
onder hulle, en gesê: So het die
Here my gebied, en gesê—Abi-
nadi, gaan en profeteer tot hierdie
volk van My, want hulle het hulle
harte verhard teen my woorde;
hulle het nie bekeer van hul bose
dade nie; daarom, Ek sal hulle be-
soek in my toorn, ja, in my bran-
dende toorn sal Ek hulle [a]besoek
in hulle ongeregtighede en gru-
wels.
2 Ja, wee hierdie geslag! En die
Here het aan my gesê: Strek jou
hand uit en profeteer, en sê: So sê
die Here, dit sal gebeur dat hier-
die geslag vanweë hulle ongereg-
tighede in [a]slawerny gebring sal
word, en op die [b]wang geslaan
sal word; ja, en gedrywe sal word
deur mense en doodgemaak sal
word; en die aasvoëls van die
lug, en die honde, ja, en die wilde
diere, sal hulle vlees verslind.
3 En dit sal gebeur dat die [a]lewe
van koning Noag soveel waarde
sal hê soos 'n kledingstuk in 'n
gloeiende [b]oond; want hy sal weet
dat Ek die Here is.
4 En dit sal gebeur dat Ek hier-
die volk van my sal tref met sware
verdrukkinge, ja, met honger-
snood en [a]pestilensie; en Ek sal
veroorsaak dat hulle die hele dag
lank sal [b]kerm.
5 Ja, en Ek sal gebied dat hulle

27 *a* Ex. 5:2; Mosia 12:13.
29 *a* Moses 4:4.
*b* Alma 33:20; Ether 11:13.
**12** 1 *a* Jes. 65:6.
2 *a* Mosia 11:21; 20:21; 21:13–15; 23:21–23.
*b* Mosia 21:3–4.
3 *a* Mosia 12:10.
*b* Mosia 19:20.
4 *a* L&V 97:26.
*b* Mosia 21:9–10.

[a]laste sal hê wat op hul rûe vas-
gebind is, en hulle sal vooruitge-
drywe word soos ʼn stomme esel.
6 En dit sal gebeur dat Ek hael
onder hulle sal stuur, en dit sal
hulle tref; en hulle sal ook getref
word deur die [a]oostewind; en [b]in-
sekte sal ook hulle lande verpes,
en hulle graan opvreet.
7 En hulle sal getref word deur
ʼn groot pestilensie—en dit alles
sal Ek doen vanweë hulle [a]onge-
regtighede en gruwels.
8 En dit sal gebeur dat tensy
hulle bekeer, sal Ek hulle heelte-
mal [a]vernietig vanaf die aange-
sig van die aarde; tog sal hulle
ʼn [b]kroniek nalaat, en Ek sal dit
bewaar vir ander nasies wat die
land sal besit; ja, en selfs sal Ek
dit doen sodat Ek die gruwels van
hierdie volk mag openbaar aan
ander nasies. En baie dinge het
Abinadi geprofeteer teen hierdie
volk.
9 En dit het gebeur dat hulle
toornig was op hom; en hulle het
hom geneem en hom gebind voor
die koning gebring, en aan die ko-
ning gesê: Kyk, ons het ʼn man
voor u gebring wat kwaad ge-
profeteer het aangaande u volk,
en gesê het dat God hulle sal ver-
nietig.
10 En hy het ook kwaad gepro-
feteer aangaande u lewe, en het
gesê dat u lewe soos ʼn kleding-
stuk sal wees in ʼn oond van vuur.
11 En verder, hy sê dat u sal
wees soos ʼn stoppel, naamlik
soos ʼn droë stoppel van die veld,
waaroor die diere loop en vertrap
met hulle pote.
12 En verder, hy sê dat u sal
wees soos die bloeisels van ʼn dis-
sel, wat, wanneer dit heeltemal
ryp is, as die wind waai, word dit
voortgedrywe oor die aangesig
van die land. En hy gee voor dat
die Here dit gespreek het. En hy
sê dit alles sal oor u kom tensy u
bekeer, en dit vanweë u ongereg-
tigheid.
13 En nou, o koning, watter
groot kwaad het u gedoen, of
watter groot sondes het u volk
gepleeg, dat ons deur God ver-
oordeel moet word, of geoordeel
moet word deur hierdie man?
14 En nou, o koning, kyk, ons
is onskuldig, en u, o koning, het
nie gesondig nie; daarom, hier-
die man het gelieg aangaande u,
en hy het tevergeefs geprofeteer.
15 En kyk, ons is sterk, ons sal
nie in slawerny kom nie, of ge-
vange geneem word deur ons
vyande nie; ja, en u was voor-
spoedig gewees in die land, en u
sal ook voorspoedig wees.
16 Kyk, hier is die man, ons le-
wer hom oor in u hande; u kan
met hom doen soos u goeddink.
17 En dit het gebeur dat koning
Noag beveel het dat Abinadi in die
gevangenis gewerp moes word;
en hy het beveel dat die [a]pries-
ters hulle moes bymekaarmaak,

5 *a* Mosia 21:3.
6 *a* Jer. 18:17; Mosia 7:31.
*b* Ex. 10:1–12.
7 *a* L&V 3:18.
8 *a* Alma 45:9–14.
*b* Morm. 8:14–16.
17 *a* Mosia 11:11.

sodat hy met hulle mag raad hou
wat hy met hom sou doen.
18 En dit het gebeur dat hulle
aan die koning gesê het: Bring
hom hierheen sodat ons hom kan
uitvra; en die koning het beveel
dat hy voor hulle gebring moes
word.
19 En hulle het begin om hom
uit te vra, sodat hulle hom kon
verstrik, sodat hulle daardeur iets
mag hê waarmee hulle hom kon
aankla; maar hy het hulle moedig
geantwoord en al hulle vrae
weerstaan, ja, tot hulle verbasing;
want hy het hulle [a]weerstaan in al
hulle vrae, en het hulle beskaam
in al hulle woorde.
20 En dit het gebeur dat een van
hulle aan hom gesê het: Wat beteken
die woorde wat geskrywe
is, en wat geleer is deur ons vaders,
wat sê:
21 [a]Hoe lieflik op die berge is die
voete van hom wat blye tydings
bring; wat vrede verkondig, wat
blye tydings van die goeie bring;
wat heil verkondig; wat aan Sion
sê, Jou God heers;
22 Julle wagte sal die stem verhef;
met die stemme tesame sal
hulle sing; want hulle sal van oog
tot oog sien wanneer die Here
Sion weer sal bring;
23 Breek uit in gejubel, sing
saam julle verwoeste plekke van
Jerusalem; want die Here het sy
volk vertroos, Hy het Jerusalem
verlos;
24 Die Here het sy heilige [a]arm
ontbloot voor die oë van al die nasies,
en al die eindes van die aarde
sal die heil van onse God sien?
25 En nou het Abinadi aan hulle
gesê: Is julle [a]priesters, en gee
voor om hierdie volk te leer, en
om die gees van profesie te verstaan,
en tog begeer om van my te
weet wat hierdie dinge beteken?
26 Ek sê vir julle, wee julle omdat
julle die weë van die Here verdraai!
Want as julle hierdie dinge
verstaan, het julle hulle nie onderrig
nie; daarom, julle het die weë
van die Here verdraai.
27 Julle het nie julle harte
daarop gestel om te [a]verstaan
nie; daarom, julle was nie wys
nie. Daarom, wat leer julle hierdie
volk?
28 En hulle het gesê: Ons leer die
wet van Moses.
29 En verder het hy aan hulle
gesê: As julle die [a]wet van Moses
leer, hoekom onderhou julle
dit nie? Hoekom rig julle jul harte
op rykdom? Hoekom pleeg julle
[b]hoererye en spandeer julle krag
met hoere; ja, en veroorsaak dat
hierdie volk sondig, sodat die
Here rede het om my te stuur om
te profeteer teen hierdie volk, ja,
naamlik 'n groot kwaad teen hierdie
volk?
30 Weet julle nie dat ek die waarheid
spreek nie? Ja, julle weet dat
ek die waarheid spreek; en julle
behoort te bewe voor God.

19 *a* L&V 100:5–6.
21 *a* Jes. 52:7–10; Nah. 1:15.
24 *a* 1 Ne. 22:11.
25 *a* Mosia 11:5.
27 *a* GS Begrip.
29 *a* GS Wet van Moses.
*b* GS Egbreuk.

31 En dit sal gebeur dat julle geslaan sal word oor julle ongeregtighede, want julle het gesê dat julle die wet van Moses leer. En wat weet julle aangaande die wet van Moses? [a]Kom heil deur die wet van Moses? Wat sê julle?

32 En hulle het geantwoord en gesê dat heil wel deur die wet van Moses kom.

33 Maar nou het Abinadi aan hulle gesê: Ek weet dat as julle die gebooie van God onderhou, julle gered sal word; ja, as julle die gebooie onderhou wat die Here aan Moses oorhandig het op die berg [a]Sinai, wat sê:

34 [a]Ek is die Here jou God, wat jou [b]uitgebring het uit die land Egipte, uit die huis van slawerny.

35 Jy sal geen [a]ander God voor my hê nie.

36 Jy sal vir jou geen gesnede beeld maak, of enige gelykenis van enigiets in die hemel daarbo, of dinge wat onder op die aarde is nie.

37 Nou het Abinadi aan hulle gesê, Het julle dit alles gedoen? Ek sê vir julle, Nee, julle het nie. En het julle hierdie volk [a]geleer dat hulle al hierdie dinge moes doen? Ek sê vir julle, Nee, julle het nie.

## HOOFSTUK 13

*Abinadi word beskerm deur goddelike mag—Hy onderrig die tien gebooie—Heil kom nie deur die wet van Moses alleen nie—God sal self 'n versoening doen en sy volk verlos. Ongeveer 148 v.C.*

En nou toe die koning hierdie woorde gehoor het, het hy aan sy priesters gesê: Weg met hierdie man, en maak hom dood; want wat het ons met hom te doen, want hy is mal.

2 En hulle het na vore getree en probeer om hulle hande op hom te lê; maar hy het hulle weerstaan, en aan hulle gesê:

3 Raak my nie aan nie, want God sal julle slaan as julle jul hande op my lê, want ek het nie die boodskap oorgedra wat die Here my gestuur het om oor te dra nie; nóg het ek julle dit vertel wat julle [a]gevra het dat ek moet vertel; daarom, God sal nie toelaat dat ek vernietig sal word op hierdie tydstip nie.

4 Maar ek moet die bevele uitvoer wat God my gebied het; en omdat ek julle die waarheid vertel het, is julle toornig op my. En verder, omdat ek die woord van God gespreek het, het julle my geoordeel dat ek mal is.

5 Nou het dit gebeur, nadat Abinadi hierdie woorde gespreek het, dat die volk van koning Noag nie gedurf het om hulle hande op hom te lê nie, want die Gees van die Here was op hom; en sy gelaat het met 'n uitnemende glans

31 *a* Mosia 3:15; 13:27–32; Alma 25:16.
33 *a* Ex. 19:9, 16–20; Mosia 13:5.
34 *a* Ex. 20:2–4.
*b* Ex. 12:51; 1 Ne. 17:40; Mosia 7:19.
35 *a* Hos. 13:4. GS Afgodery.
37 *a* Mosia 13:25–26.
**13** 3 *a* Mosia 12:20–24.

[a]gestraal, en wel soos Moses s'n terwyl hy op die berg Sinai was, terwyl hy met die Here gespreek het.
6 En hy het met [a]krag en gesag van God gespreek; en hy het sy woorde voortgesit, en gesê:
7 Julle sien dat julle nie mag het om my dood te maak nie, daarom voltooi ek my boodskap. Ja, en ek merk dat dit julle [a]sny tot in julle harte omdat ek julle die waarheid vertel aangaande julle ongeregtighede.
8 Ja, en my woorde vul julle met verwondering en verbasing, en met toorn.
9 Maar ek voltooi my boodskap; en dan maak dit nie saak waarheen ek gaan nie, as dit so is dat ek gered is.
10 Maar dit vertel ek aan julle, wat julle met my doen na dese, sal wees soos 'n [a]versinnebeeld en 'n voorafskaduwing van dinge wat moet kom.
11 En nou, ek lees aan julle die oorblywende [a]gebooie van God, want ek merk dat hulle nie geskrywe is in julle harte nie; ek merk dat julle die ongeregtigheid bestudeer en onderrig het vir die grootste gedeelte van julle lewe.
12 En nou, julle onthou dat ek aan julle gesê het: Jy mag vir jou geen gesnede beeld maak, of enige gelykenis van dinge wat bo in die hemel is, of wat onder op die aarde is, of wat in die water onder die aarde is nie.
13 En verder: Jy mag jou nie voor hulle neerbuig nie, nóg hulle dien; want Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God wat die ongeregtighede van die vaders besoek op die kinders, aan die derde en aan die vierde geslagte van hulle wat My haat;
14 En bewys barmhartigheid aan duisende van hulle wat My liefhet en my gebooie onderhou.
15 Jy sal nie die Naam van die Here jou God ydellik gebruik nie; want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie skuldeloos hou nie.
16 Onthou die [a]sabbatdag, dat jy dit heilig.
17 Ses dae sal jy arbei, en al jou werk doen;
18 Maar die sewende dag, die sabbat van die Here jou God, sal jy geen werk doen nie, jy, nóg jou seun, nóg jou dogter, jou dienskneg, nóg jou diensmaagd, nóg jou vee, nóg jou vreemdeling wat in jou poorte is;
19 Want in [a]ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, en die see, en alles wat in hulle is; daarom het die Here die sabbatdag geseën, en dit geheilig.
20 [a]Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae lank mag wees in die land wat die Here jou God jou gee.
21 Jy mag nie [a]doodslaan nie.

5*a* Ex. 34:29–35.
6*a* GS Krag.
7*a* 1 Ne. 16:2.
10*a* Mosia 17:13–19; Alma 25:10.
11*a* Ex. 20:1–17.
16*a* GS Sabbatdag.
19*a* Gén. 1:31.
20*a* Mark. 7:10.
21*a* Matt. 5:21–22; L&V 42:18. GS Moord.

22 Jy mag nie [a]egbreek nie. Jy mag nie [b]steel nie.

23 Jy mag nie [a]valse getuienis spreek teen jou naaste nie.

24 Jy mag nie jou naaste se huis [a]begeer nie, jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, nóg sy dienskneg, nóg sy diensmaagd, nóg sy os, nóg sy esel, nóg enigiets wat van jou naaste is.

25 En dit het gebeur dat, nadat Abinadi ′n einde gemaak het aan hierdie woorde, dat hy aan hulle gesê het: Het julle hierdie volk geleer dat hulle moet seker maak dat hulle al hierdie dinge doen om hierdie gebooie te onderhou?

26 Ek sê vir julle, Nee; want as julle dit gedoen het, sou die Here my nie laat uitkom het om kwaad te profeteer aangaande hierdie volk nie.

27 En nou het julle gesê dat heil deur die [a]wet van Moses kom. Ek sê vir julle dat dit noodsaaklik is dat julle die wet van Moses nou nog moet onderhou; maar ek sê vir julle, dat die tyd sal kom dat dit [b]nie meer noodsaaklik sal wees om die wet van Moses te onderhou nie.

28 En bowendien, ek sê vir julle, dat [a]heil nie kom deur die [b]wet alleen nie; en as dit nie vir die [c]versoening was nie, wat God self sal doen vir die sondes en die ongeregtighede van sy volk, dat hulle onvermydelik moet omkom, nieteenstaande die wet van Moses.

29 En nou sê ek aan julle dat dit noodsaaklik was dat daar ′n wet gegee moes word aan die kinders van Israel, ja, naamlik ′n baie [a]streng wet; want hulle was ′n hardnekkige volk, [b]gou om ongeregtigheid te doen, en traag om die Here hulle God te onthou;

30 Daarom is daar ′n [a]wet aan hulle gegee, ja ′n wet van verrigtinge en van [b]ordinansies, ′n wet wat hulle streng moes [c]onderhou van dag tot dag, om hulle in gedagtenis aan God te hou en hulle plig teenoor Hom.

31 Maar kyk, ek sê vir julle, dat al hierdie dinge [a]versinnebeelde was van dinge wat moet kom.

32 En nou, het hulle die wet verstaan? Ek sê vir julle, Nee, hulle het nie almal die wet verstaan nie; en dit vanweë die hardheid van hulle harte; want hulle het nie verstaan dat daar geen mens gered kon word [a]tensy dit deur die verlossing van God was nie.

33 Want kyk, het Moses nie tot hulle geprofeteer aangaande die koms van die Messias, en dat God sy volk sou verlos nie? Ja,

22 *a* GS Egbreuk.
*b* GS Steel.
23 *a* Spr. 24:28. GS Lieg.
24 *a* GS Begeer.
27 *a* GS Wet van Moses.
*b* 3 Ne. 9:19–20; 15:4–5.
28 *a* Gal. 2:16. GS Heil; Verlos, Verlossing.
*b* Gal. 2:21; Mosia 3:14–15; Alma 25:15–16.
*c* GS Versoen, Versoening.
29 *a* Jos. 1:7–8.
*b* Alma 46:8.
30 *a* Ex. 20.
*b* GS Ordinansies.
*c* Jakob 4:5.
31 *a* Mosia 16:14; Alma 25:15. GS Simbolisme.
32 *a* 2 Ne. 25:23–25.

en wel [a]al die profete wat geprofeteer het, sedert die wêreld begin het—het hulle nie min of meer aangaande hierdie dinge gespreek nie?

34 Het hulle nie gesê dat [a]God self sou neerdaal onder die kinders van mense, en vir Hom die vorm van ′n mens aanneem en uitgaan in geweldige krag op die aangesig van die aarde nie?

35 Ja, en het hulle nie ook gesê dat Hy die [a]opstanding van die dode sou teweegbring, en dat Hy self, verdruk sou wees en gekwel sou word nie?

## HOOFSTUK 14

*Jesaja spreek oor die Messias—Die Messias se vernedering en lyding word uiteengesit—Hy maak sy siel ′n offerande vir sonde en doen voorspraak vir oortreders—Vergelyk Jesaja 53. Ongeveer 148 v.C.*

Ja, en wel, sê Jesaja nie: Wie het ons kroniek geglo, en aan wie is die arm van die Here geopenbaar?

2 Want hy sal voor hom opgroei soos ′n tere plant, en soos ′n wortel uit droë grond; Hy het geen gestalte nóg aantreklikheid; en wanneer ons Hom sal sien, is daar geen skoonheid dat ons Hom sou begeer nie.

3 Hy word verag en verwerp deur mense, ′n man van smarte, en bekend met verdriet; en ons het ons gesigte as′t ware van Hom verberg; Hy was verag, en ons het Hom nie geag nie.

4 Waarlik, Hy het ons [a]verdriet op Hom [b]geneem en ons smarte gedra; tog het ons Hom as getref beskou; geslaan deur God, en geteister.

5 Maar Hy is gewond vir ons [a]oortredinge, Hy is gekneus vir ons ongeregtighede; die strafgerig vir ons vrede was op Hom, en deur sy wonde is ons [b]genees.

6 Ons almal, soos [a]skape, het gedwaal; ons het elkeen gedwaal na sy eie pad; en die Here het die ongeregtighede van ons almal laat neerkom op Hom.

7 Hy was verdruk, en Hy was geteister, tog het [a]Hy sy mond nie oopgemaak nie; Hy is gebring soos ′n [b]lam na die slagplek, en soos ′n skaap wat stom is voor haar skeerders, so het Hy nie sy mond oopgemaak nie.

8 Hy is geneem uit die gevangenis en uit die oordeel; en wie sal sy geslag verklaar? Want Hy is afgesny uit die land van die lewendes; vir die oortredinge van my volk was Hy gestraf.

9 En Hy het sy graf by die bose gemaak, en by die [a]ryke in sy

33*a* 1 Ne. 10:5; Jakob 4:4; 7:11.
34*a* Mosia 7:27; 15:1–3. GS God, Godheid.
35*a* Jes. 26:19; 2 Ne. 2:8.
**14** 4*a* Matt. 8:17.
*b* Alma 7:11–12.
5*a* Mosia 15:9; Alma 11:40.
*b* 1 Petr. 2:24–25.
6*a* Matt. 9:36; 2 Ne. 28:14; Alma 5:37.
7*a* Mark. 15:3. GS Jesus Christus.
*b* GS Lam van God; Pasga.
9*a* Matt. 27:57–60; Mark. 15:27, 43–46. GS Josef van Arimathéa.

dood; omdat Hy geen [b]onreg gedoen het nie, nóg was daar geen bedrog in sy mond.
10 Tog het dit die Here behaag om Hom te kneus; Hy het Hom smart aangedoen; wanneer U sy siel as skuldoffer vir die sonde maak, sal Hy sy [a]saad sien; Hy sal sy dae verleng, en die welbehae van die Here sal deur sy hand voorspoedig wees.
11 Hy sal die lyding ervaar van sy siel, en sal tevrede wees; deur sy kennis sal my regverdige dienskneg baie regverdig maak; want Hy sal hulle ongeregtighede [a]dra.
12 Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en Hy sal die buit deel met die sterkes; omdat Hy sy siel uitgestort het tot die dood toe; en Hy is gereken onder die oortreders en Hy het die sonde van baie gedra, en het [a]voorspraak gemaak vir die oortreders.

## HOOFSTUK 15

*Hoe Christus beide die Vader en die Seun is—Hy sal voorspraak doen en die oortredinge dra van sy volk—Hulle en al die heilige profete is sy saad—Hy bring die Opstanding teweeg—Klein kindertjies het die ewige lewe. Ongeveer 148 v.C.*

En nou het Abinadi aan hulle gesê: Ek wil hê dat julle moet verstaan dat [a]God self sal neerdaal onder die kinders van mense, en sy volk sal [b]verlos.
2 En omdat Hy [a]woon in die vlees, sal Hy die Seun van God genoem word, en omdat Hy die vlees onderwerp het aan die wil van die [b]Vader, is Hy die Vader en die Seun—
3 Die Vader, [a]omdat Hy [b]verwek is deur die krag van God; en die Seun, vanweë die vlees; dus word Hy die Vader en Seun—
4 En hulle is [a]een God, ja, die ware [b]Ewige [c]Vader van hemel en aarde.
5 En so word die vlees onderwerp aan die Gees, of die Seun aan die Vader, omdat hulle een God is, [a]ondergaan versoeking, en gee nie toe aan die versoeking nie, maar laat Homself bespot, en [b]gésel, en uitgewerp word, en [c]verloën word deur sy volk.
6 En na dit alles, nadat Hy vele magtige wonderwerke onder die kinders van mense gedoen het,

9 *b* Joh. 19:4.
10 *a* Mosia 15:10–13.
11 *a* Lev. 16:21–22; 1 Petr. 3:18; L&V 19:16–19.
12 *a* 2 Ne. 2:9; Mosia 15:8; Moro. 7:27–28.
**15** 1 *a* 1 Tim. 3:16; Mosia 13:33–34. GS Jesus Christus.
*b* GS Verlos, Verlossing.
2 *a* Mosia 3:5; 7:27; Alma 7:9–13.
*b* Jes. 64:8; Joh. 10:30; 14:8–10; Mosia 5:7; Alma 11:38–39; Ether 3:14.
3 *a* L&V 93:4.
*b* Lk. 1:31–33; Mosia 3:8–9; Alma 7:10; 3 Ne. 1:14.
4 *a* Deut. 6:4; Joh. 17:20–23. GS God, Godheid.
*b* Alma 11:39.
*c* Mosia 3:8; Hel. 14:12; 3 Ne. 9:15; Ether 4:7.
5 *a* Lk. 4:2; Hebr. 4:14–15.
*b* Joh. 19:1.
*c* Mark. 8:31; Lk. 17:25.

sal Hy gelei word, ja, en wel [a]soos Jesaja gesê het, soos ’n skaap wat stom is voor die skeerder, so het Hy sy mond nie [b]oopgemaak nie.

7 Ja, net so sal Hy gelei word, [a]gekruisig, en doodgemaak word, omdat die vlees onderwerp sal word aan die dood, die [b]wil van die Seun sal opgeneem word in die wil van die Vader.

8 En so verbreek God die [a]bande van die dood, omdat Hy die [b]oorwinning behaal het oor die dood; en Hy gee die Seun mag om [c]voorspraak te maakvir die kinders van mense—

9 En Hy het opgevaar in die hemel, en Hy het innerlike ontferming; en is gevul met barmhartigheid teenoor die kinders van mense; staande tussen hulle en geregtigheid; en Hy het die bande van die dood verbreek, hulle ongeregtigheid en hulle oortredinge op [a]Homself geneem, en het hulle verlos, en het [b]voldoen aan die eise van geregtigheid.

10 En nou sê ek aan julle, wie sal sy geslag verklaar? Kyk, ek sê vir julle, dat wanneer sy siel tot ’n offerande vir die sonde gemaak is, sal Hy sy [a]saad sien. En nou, wat sê julle? En wie sal sy nageslag wees?

11 Kyk, ek sê vir julle, dat wie ook al die woorde van die [a]profete gehoor het, ja, al die heilige profete wat geprofeteer het aangaande die koms van die Here—ek sê vir julle, dat al diegene wat ag geslaan het op hulle woorde, en geglo het dat die Here sy volk sou verlos, en vooruitgesien het na daardie dag vir ’n vergifnis van hulle sondes, ek sê vir julle, dat diesulkes sy saad is, of hulle is die erfgename van die [b]koninkryk van God.

12 Want dit is hulle wie se sondes [a]Hy gedra het; dit is hulle vir wie Hy gesterwe het, om hulle te verlos van hul oortredinge. En nou, is hulle nie sy saad nie?

13 Ja, en is nie die profete, elkeen wat sy mond geopen het om te profeteer, wat nie verval het in oortreding nie, ek bedoel al die heilige profete sedert die wêreld begin het? Ek sê vir julle dat hulle sy saad is.

14 En dit is hulle wat vrede [a]verkondig het, wat goeie tydings gebring het van die goeie, wat heil verkondig het; en aan Sion gesê het: U God heers!

15 En o, hoe lieflik op die berge was hulle voete!

16 En verder, hoe lieflik op die

6*a* Jes. 53:7.
*b* Lk. 23:9; Joh. 19:9; Mosia 14:7.
7*a* GS Kruisiging.
*b* Lk. 22:42; Joh. 6:38; 3 Ne. 11:11.
8*a* Mosia 16:7; Alma 22:14.
*b* Hos. 13:14; 1 Kor. 15:55–57.
*c* 2 Ne. 2:9.
9*a* Jes. 53; Mosia 14:5–12.
*b* GS Versoen, Versoening.
10*a* Jes. 53:10; Mosia 5:7; 27:25; Moro. 7:19.
11*a* L&V 84:36–38.
*b* GS Heil; Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
12*a* Mosia 14:12; Alma 7:13; 11:40–41.
14*a* Jes. 52:7; Rom. 10:15; 1 Ne. 13:37; Mosia 12:21–24. GS Sendingwerk.

berge is die voete van diegene
wat steeds vrede verkondig!
17 En verder, hoe lieflik op die
berge is die voete van diegene
wat hierna vrede sal verkondig,
ja, vanaf hierdie tyd en vir ewig!
18 En kyk, ek sê vir julle, dit is
nie al nie. Want, o hoe lieflik op die
berge is die [a]voete van Hom wat
goeie tydings bring, wat die stigter
van [b]vrede is, ja, naamlik die Here,
wat sy volk verlos het; ja, Hom wat
heil geskenk het aan sy volk;
19 Want as dit nie was vir die
verlossing wat Hy gemaak het
vir sy volk, wat berei is vanaf die
[a]grondlegging van die wêreld nie,
ek sê vir julle, as dit nie hiervoor
was nie, moes die hele mensdom
[b]vergaan het.
20 Maar kyk, die bande van die
dood sal verbreek word, en die
Seun heers, en het mag oor die
dood; daarom, Hy bring die op-
standing van die dode teweeg.
21 En daar kom 'n opstanding,
naamlik 'n [a]eerste opstanding; ja,
naamlik 'n opstanding van hulle
wat was, en wat is, en wat sal
wees, en wel tot die opstanding
van Christus—want so sal Hy ge-
noem word.
22 En nou, die opstanding van
al die profete, en al diegene wat
geglo het in hulle woorde, of
al diegene wat die gebooie van
God onderhou het, sal te voor-
skyn kom in die eerste opstan-
ding; daarom, hulle is die eerste
opstanding.
23 Hulle word opgewek om by
God te [a]woon wat hulle verlos
het; dus het hulle die ewige lewe
deur Christus, wat die bande van
die dood [b]verbreek het.
24 En dit is hulle wat deel het
aan die eerste opstanding; en dit
is hulle wat gesterf het voordat
Christus gekom het, in hulle on-
kunde, sonder dat [a]heil aan hulle
verkondig is. En so bring die
Here die herstelling van diesul-
kes teweeg; en hulle het deel aan
die eerste opstanding, of het die
ewige lewe, omdat hulle verlos is
deur die Here.
25 En klein [a]kindertjies het ook
die ewige lewe.
26 Maar kyk, en [a]vrees, en bewe
voor God, want julle behoort te
bewe; want die Here verlos nie
diesulkes wat teen Hom [b]rebelleer
en [c]sterwe in hulle sondes nie; ja,
en wel al diegene wat vergaan het
in hulle sondes sedert die wêreld
begin het, wat moedswillig ge-
rebelleer het teen God, wat die
gebooie van God geken het, en
hulle nie wou onderhou nie; dit
is [d]hulle wat [e]geen deel het aan
die eerste opstanding nie.
27 Daarom, behoort julle nie te

18*a* 3 Ne. 20:40; L&V 128:19.
*b* Joh. 16:33. GS Vrede.
19*a* Mosia 4:6.
*b* 2 Ne. 9:6–13.
21*a* Alma 40:16–21.
23*a* Ps. 24:3–4; 1 Ne. 15:33–36; L&V 76:50–70.
*b* GS Dood, Fisiese.
24*a* 2 Ne. 9:25–26; L&V 137:7.
25*a* L&V 29:46; 137:10. GS Heil—Heil van kinders.
26*a* Deut. 5:29; Jakob 6:9.
*b* 1 Ne. 2:21–24.
*c* Eség. 18:26; 1 Ne. 15:32–33; Moro. 10:26.
*d* Alma 40:19.
*e* L&V 76:81–86.

bewe nie? Want heil kom nie na diesulkes nie; want die Here het diesulkes nie verlos nie; ja, nóg kan die Here diesulkes verlos; want Hy kan Homself nie weerspreek nie; want Hy kan nie die [a]geregtigheid weier wanneer dit sy eis stel nie.

28 En nou sê ek aan julle dat die tyd sal kom dat die heil van die Here [a]verkondig sal word aan elke nasie, stam, taal en volk.

29 Ja, Here, u [a]wagte sal hulle stem verhef, met die stem tesame sal hulle sing; want hulle sal van oog tot oog sien wanneer die Here Sion weer sal bring.

30 Breek uit in gejubel, sing saam, julle verwoeste plekke van Jerusalem; want die Here het sy volk vertroos, Hy het Jerusalem verlos.

31 Die Here het sy heilige arm ontbloot voor die oë van al die nasies; en al die eindes van die aarde sal die heil van ons God sien.

## HOOFSTUK 16

*God verlos mense van hul verlore en gevalle toestand—Diegene wat vleeslik is, bly asof daar geen verlossing was nie—Christus bring 'n opstanding teweeg na eindelose lewe of na eindelose verdoemenis. Ongeveer 148 v.C.*

En nou, dit het gebeur dat nadat Abinadi hierdie woorde gespreek het, het hy sy hand uitgestrek, en gesê: Die tyd sal kom wanneer almal die [a]heil van die Here sal sien; wanneer elke nasie, stam, taal en volk oog tot oog sal sien en sal [b]bely voor God dat sy oordele regverdig is.

2 En dan sal die bose [a]uitgewerp word, en hulle sal rede hê om te huil, en te [b]ween, en te skree, en hulle tande te kners; en dit omdat hulle nie wou ag slaan op die stem van die Here nie; daarom verlos die Here hulle nie.

3 Want hulle is [a]vleeslik en duiwels, en die [b]duiwel het mag oor hulle; ja, en wel daardie ou slang wat ons eerste ouers [c]verlei het, wat die oorsaak was van hulle [d]val; wat die oorsaak was dat alle mense vleeslik, wellustig, duiwels word, wat die kwade van die goeie [e]ken, en hulleself onderwerp aan die duiwel.

4 Daarom was alle mense [a]verlore; en kyk, hulle sou eindeloos verlore gewees het as dit nie was dat God sy volk verlos het van hulle verlore en gevalle toestand nie.

5 Maar onthou dat hy wat volhou in sy eie [a]vleeslike natuur, en voortgaan op die weë van sonde en rebellie teen God, bly in sy

27*a* Alma 34:15–16; 42:1.
28*a* GS Sendingwerk.
29*a* GS Waak, Wagte.
**16** 1*a* GS Heil.
*b* Mosia 27:31.
2*a* L&V 63:53–54.
*b* Matt. 13:41–42; Lk. 13:28; Alma 40:13.
3*a* Gal. 5:16–25; Mosia 3:19. GS Natuurlike Mens.
*b* 2 Ne. 9:8–9. GS Duiwel.
*c* Gén. 3:1–13; Moses 4:5–19.
*d* GS Val van Adam en Eva.
*e* 2 Ne. 2:17–18, 22–26.
4*a* Alma 42:6–14.
5*a* Alma 41:11. GS Vleeslik.

vervalle toestand, en die duiwel
het alle mag oor hom. Daarom is
hy asof daar geen [b]verlossing te-
weeggebring is nie, omdat hy ʼn
vyand is van God, en ook is die
duiwel ʼn vyand van God.
6 En nou, as Christus nie in die
wêreld gekom het nie, en spre-
kende van dinge wat moet kom
[a]asof hulle alreeds gekom het, kon
daar geen verlossing gewees het
nie.
7 En as Christus nie opgestaan
het uit die dood, of die bande van
die dood verbreek het, sodat die
graf geen oorwinning sou hê nie,
en sodat die dood geen [a]angel sou
hê nie, kon daar geen opstanding
gewees het nie.
8 Maar daar is ʼn [a]opstanding,
daarom het die graf geen oor-
winning nie, en die angel van die
[b]dood is opgeneem in Christus.
9 Hy is die [a]lig en die lewe van
die wêreld; ja, ʼn lig wat eindeloos
is, wat nooit verdonker kan word
nie; ja, en ook ʼn lewe wat ein-
deloos is, sodat daar geen dood
meer kan wees nie.
10 Selfs hierdie sterflike sal be-
klee word met [a]onsterflikheid,
en hierdie verganklike sal beklee
word met onverganklikheid, en
sal gebring word om te [b]staan
voor die regbank van God, om
deur Hom [c]geoordeel te word vol-
gens hulle werke, of hulle goed en
of hulle boos is—
11 As hulle goed is, tot die op-
standing van die [a]eindelose lewe
en geluk; en as hulle boos is, tot
die opstanding van eindelose
[b]verdoemenis, omdat hulle oor-
gelewer word aan die duiwel, wat
hulle onderwerp het, wat verdoe-
menis is—
12 En wat gegaan het volgens
hulle eie vleeslike wil en begeer-
tes; en nooit tot die Here geroep
het terwyl die arms van [a]barm-
hartigheid na hulle uitgestrek was
nie; want die arms van barmhar-
tigheid was uitgestrek na hulle,
en hulle wou nie; hulle was ge-
waarsku oor hul ongeregtighede
en tog wou hulle nie van hul af-
wyk nie; en hulle is gebied om
te bekeer en tog wou hulle nie
bekeer nie.
13 En nou, behoort julle nie te
bewe en te bekeer van julle son-
des nie, en onthou dat julle net in
en deur Christus gered kan word?
14 Daarom, as julle die [a]wet van
Moses onderrig, leer ook dat dit
ʼn voorafskaduwing is van daar-
die dinge wat moet kom—
15 Leer hulle dat verlossing
deur Christus die Here kom, wat
die ware [a]Ewige Vader is. Amen.

---

5*b* GS Verlos, Verlossing.
6*a* Mosia 3:13.
7*a* Hos. 13:14;
Mosia 15:8, 20.
8*a* Alma 42:15.
GS Opstanding.
*b* Jes. 25:8;
1 Kor. 15:54–55;
Morm. 7:5.
9*a* L&V 88:5–13.
GS Lig, Lig van
Christus.
10*a* Alma 40:2.
GS Onsterflik,
Onsterflikheid.
*b* GS Oordeel, Die Laaste.
*c* Alma 41:3–6.
11*a* GS Ewige Lewe.
*b* GS Verdoemenis.
12*a* GS Barmhartig,
Barmhartigheid.
14*a* GS Wet van Moses.
15*a* Mosia 3:8; 5:7;
Ether 3:14.

## HOOFSTUK 17

*Alma glo en skryf die woorde van Abinadi neer—Abinadi ly 'n vuurdood—Hy profeteer siektes en die dood deur vuur vir sy moordenaars. Ongeveer 148 v.C.*

EN nou het dit gebeur dat toe Abinadi hierdie woorde klaar gespreek het, het die koning beveel dat die [a]priesters hom moes neem en hom laat doodmaak.

2 Maar daar was een onder hulle wie se naam [a]Alma was, wat ook 'n afstammeling van Nefi was. En hy was 'n jong man, en hy het die woorde [b]geglo wat Abinadi gespreek het, want hy het geweet van die ongeregtigheid waarvan Abinadi teen hulle getuig het; daarom het hy begin pleit by die koning dat hy nie kwaad moes wees vir Abinadi nie, maar toelaat dat hy in vrede mag vertrek.

3 Maar die koning was meer toornig, en het Alma laat uitwerp onder hulle, en het sy diensknegte agter hom aangestuur dat hulle hom mag doodmaak.

4 Maar hy het voor hulle uitgevlug en homself verberg sodat hulle hom nie gevind het nie. En terwyl hy baie dae lank verskuil was, het hy al die woorde [a]neergeskryf wat Abinadi gespreek het.

5 En dit het gebeur dat die koning beveel het dat sy lyfwagte vir Abinadi moes omsingel en hom neem; en hulle het hom gebind en hom in die gevangenis gewerp.

6 En na drie dae, nadat hy raad gehou het met sy priesters, het hy hom weer voor hom laat bring.

7 En hy het aan hom gesê: Abinadi, ons het 'n aanklag teen jou gevind, en jy is die dood waardig.

8 Want jy het gesê dat [a]God self sou neerdaal onder die kinders van mense; en nou, om hierdie rede sal jy doodgemaak word, tensy jy al die bose woorde sal herroep wat jy gespreek het aangaande my en my volk.

9 Nou het Abinadi aan hom gesê: Ek sê vir u, ek sal nie die woorde herroep wat ek gespreek het aangaande hierdie volk nie, want hulle is waar; en dat julle mag weet van hulle sekerheid het ek myself toegelaat dat ek in julle hande val.

10 Ja, en ek sal ly tot die dood toe, en ek sal my woorde nie herroep nie, en hulle sal staan as 'n getuienis teen julle. En as julle my doodmaak, sal julle [a]onskuldige bloed verspil, en dit sal ook staan as 'n getuienis teen julle op die laaste dag.

11 En nou was koning Noag op die punt om hom los te laat, want hy het sy woord gevrees; want hy het gevrees dat die oordele van God oor hom sou kom.

12 Maar die priesters het hulle stemme verhef teen hom, en begin om hom te beskuldig, en

**17** 1*a* Mosia 11:1, 5–6.
2*a* Mosia 23:6, 9–10. GS Alma die Ouere.
*b* Mosia 26:15.
4*a* GS Skrifture.
8*a* Mosia 13:25, 33–34.
10*a* Alma 60:13.

gesê: Hy het die koning beledig. Daarom was die koning tot toorn ontstoke teen hom, en hy het hom oorgelewer sodat hy doodgemaak mag word.
13 En dit het gebeur dat hulle
hom geneem en hom vasgebind het, en sy vel gegésel het met brandende stokke, ja, tot die dood toe.
14 En nou, toe die vlamme be-
gin om hom te verskroei, het hy tot hulle geroep, en gesê:
15 Kyk, net soos julle aan my
gedoen het, so sal dit gebeur dat julle saad sal veroorsaak dat baie die pyn sal ly wat ek verduur, en wel die pyn van die [a]dood deur vuur; en dit omdat hulle glo in die heil van die Here hulle God.
16 En dit sal gebeur dat julle ge-
kwel sal word met allerlei siektes vanweë julle ongeregtighede.
17 Ja, en julle sal van alle kante
af [a]geslaan word, en sal heen en weer gedrywe en verstrooi word, net soos ′n wilde kudde gedryf word deur wilde en wrede diere.
18 En op daardie dag sal julle
gejag word, en julle sal geneem word deur die hand van julle vyande, en dan sal julle ly soos ek ly, die pyne van die [a]dood deur vuur.
19 So oefen God [a]wraak uit oor
diegene wat sy volk vernietig. O God, ontvang my siel.
20 En nou, toe Abinadi hier-
die woorde gesê het, het hy geval, nadat hy die dood gely het deur vuur; ja, hy is doodgemaak omdat hy nie die gebooie van God wou loën nie, en hy het die waarheid van sy woorde verseël met sy dood.

## HOOFSTUK 18

*Alma preek in die geheim—Hy verduidelik die verbond van die doop en doop by die Waters van Mormon—Hy organiseer die Kerk van Christus en ordineer priesters—Hulle onderhou hulself en leer die volk—Alma en sy volk vlug voor Koning Noag die wildernis in. Ongeveer 147–145 v.C.*

En nou, dit het gebeur dat Alma, wat weggevlug het van die diensknegte van koning Noag af, [a]bekeer het van sy sondes en ongeregtighede, en in die geheim onder die volk rondgegaan het, en begin het om die woorde van Abinadi te onderrig—
2 Ja, aangaande dit wat moes
kom, en ook aangaande die opstanding van die dode, en die [a]verlossing van die volk, wat teweeggebring sou word deur die [b]krag, en die lydings, en die dood van Christus, en sy opstanding en opvaart na die hemel.
3 En soveel as wat sy woorde
wou aanhoor, het hy geleer. En hy het hulle in die geheim geleer, sodat dit nie mag kom tot die kennis van die koning nie. En baie het sy woorde geglo.
4 En dit het gebeur dat soveel as

15*a* Mosia 13:9–10; Alma 25:4–12.
17*a* Mosia 21:1–5, 13.
18*a* Mosia 19:18–20.
19*a* GS Wraak.
**18** 1*a* Mosia 23:9–10.
2*a* GS Verlos, Verlossing.
*b* GS Versoen, Versoening.

wat hom geglo het, uitgegaan het na 'n [a]plek wat Mormon genoem is, wat sy naam ontvang het van die koning, wat op die grense van die land was wat vervuil was by tye of met geleenthede, met wilde diere.

5 Nou, daar was in Mormon 'n fontein van suiwer water, en Alma het daarheen gegaan, omdat daar naby die water 'n bos was van klein boompies, waar hy hom bedags versteek het teen die soektogte van die koning.

6 En dit het gebeur dat soveel as wat hom geglo het daarheen gegaan het om sy woorde te hoor.

7 En dit het gebeur na baie dae dat daar 'n aansienlike aantal bymekaar was by die plek van Mormon, om die woorde van Alma te hoor. Ja, almal het bymekaar gekom wat in sy woord geglo het, om hom te hoor. En hy het hulle [a]geleer, en het aan hulle bekering gepreek, en verlossing, en geloof in die Here.

8 En dit het gebeur dat hy aan hulle gesê het: Kyk, hier is die waters van Mormon (want so is hulle genoem) en nou, aangesien julle [a]begerig is om in die [b]kudde van God te kom, en om sy volk genoem te word, en [c]gewillig is om mekaar se laste te dra, sodat hulle lig mag wees;

9 Ja, en gewillig is om te treur met diegene wat treur; ja, en diegene te troos wat vertroosting nodig het, en om te staan as [a]getuies van God te alle tye en in alle dinge, en op alle plekke waar julle mag wees, selfs tot die dood toe, sodat julle verlos mag word deur God, en gereken word onder diegene van die [b]eerste opstanding, dat julle die [c]ewige lewe mag hê—

10 Nou sê ek aan julle, as dit die begeerte van julle harte is, wat het julle daarteen om [a]gedoop te word in die naam van die Here, as 'n getuie voor Hom dat julle 'n [b]verbond gesluit het met Hom, dat julle Hom sal dien en sy gebooie sal onderhou, dat Hy sy Gees meer oorvloedig op julle mag uitstort?

11 En nou toe die volk hierdie woorde gehoor het, het hulle hul hande geklap van vreugde, en uitgeroep: Dit is die begeerte van ons harte.

12 En nou het dit gebeur dat Alma vir Helam geneem het, wat een van die eerstes was, en gegaan en in die water gaan staan het, en uitgeroep, en gesê het: O Here, stort u Gees uit op u dienskneg, sodat hy hierdie werk mag doen met heiligheid van hart.

13 En toe hy hierdie woorde gesê het, was die [a]Gees van die Here op hom, en hy het gesê: Helam, ek [b]doop jou, omdat ek [c]gesag

4*a* Alma 5:3.
7*a* Alma 5:11–13.
8*a* L&V 20:37.
*b* GS Kerk van Jesus Christus.
*c* GS Medelye.
9*a* GS Getuie; Getuig; Sendingwerk.
*b* Mosia 15:21–26.
*c* GS Ewige Lewe.
10*a* 2 Ne. 31:17. GS Doop.
*b* GS Verbond.
13*a* GS Heilige Gees.
*b* 3 Ne. 11:23–26; L&V 20:72–74.
*c* Gel. Art. 1:5. GS Priesterskap.

het van die Almagtige God, as 'n getuienis dat jy 'n verbond gesluit het om Hom te dien totdat jy dood is wat die sterflike liggaam betref; en mag die Gees van die Here uitgestort word oor jou; en mag Hy jou die ewige lewe skenk, deur die [d]verlossing van Christus, vir wie Hy voorberei het vanaf die [e]grondlegging van die wêreld.

14 En nadat Alma hierdie woorde gesê het, is beide Alma en Helam [a]begrawe in die water; en hulle het opgestaan en uitgekom uit die water jubelend, en hulle was met die Gees vervul.

15 En verder, Alma het 'n ander geneem, en 'n tweede keer in die water ingegaan, en hom gedoop ooreenkomstig die eerste, net hy het homself nie weer in die water begrawe nie.

16 En volgens hierdie wyse het hy elkeen gedoop wat uitgegaan het na die plek van Mormon; en hulle was in getal ongeveer tweehonderd en vier siele; ja, en hulle is [a]gedoop in die waters van Mormon, en is vervul met die [b]genade van God.

17 En hulle is die kerk van God genoem, of die [a]kerk van Christus, van daardie tyd af aan. En dit het gebeur dat wie ook al gedoop is deur die krag en gesag van God, gevoeg is by die kerk.

18 En dit het gebeur dat Alma, omdat hy die [a]gesag van God gehad het, priesters geordineer het; en wel een priester vir elke vyftig van hulle getal het hy geordineer om vir hulle te preek, en om hulle te [b]onderrig aangaande die dinge betreffende die koninkryk van God.

19 En hy het hulle beveel dat hulle niks sou onderrig tensy dit die dinge was wat hy hulle geleer het nie, en wat gespreek is deur die mond van die heilige profete.

20 Ja, en wel het hy hulle beveel dat hulle niks moes [a]preek nie tensy dit bekering en geloof in die Here is, wat sy volk verlos het.

21 En hy het hulle beveel dat daar geen [a]twis onder mekaar moet wees nie, maar dat hulle vooruit moes kyk met [b]een oog, omdat hulle een geloof en een doop gehad het, omdat hulle hul harte verenig het in [c]eenheid en in liefde, die een teenoor die ander.

22 En so het hy hulle beveel om te preek. En so het hulle die [a]kinders van God geword.

23 En hy het hulle beveel dat hulle die [a]sabbatdag moes onderhou, en dit heilig hou, en dat hulle ook elke dag dank moes betuig aan die Here hulle God.

24 En hy het hulle ook beveel dat die priesters wat hy geordineer

13*d* GS Verlos, Verlossing.
*e* Moses 4:2; 5:9.
14*a* GS Doop—Doop deur onderdompeling.
16*a* Mosia 25:18.
*b* GS Genade.
17*a* 3 Ne. 26:21; 27:3–8. GS Kerk van Jesus Christus.
18*a* GS Priesterskap.
*b* GS Onderrig, Onderwyser.
20*a* L&V 15:6; 18:14–16.
21*a* 3 Ne. 11:28–30. GS Twis.
*b* Matt. 6:22; L&V 88:67–68.
*c* GS Eenheid.
22*a* Mosia 5:5–7; Moses 6:64–68.
23*a* Mosia 13:16–19; L&V 59:9–12.

het, moes [a]arbei met hulle eie hande vir hulle onderhoud.
25 En daar was een dag in elke week wat opsy gesit is dat hulle self bymekaar moes kom om die volk te leer, en om die Here hulle God te [a]aanbid, en ook, om so dikwels as wat dit in hulle mag was, bymekaar te kom.
26 En die priesters moes nie staatmaak op die volk vir hulle onderhoud nie; maar vir hulle arbeid sou hulle die [a]genade van God ontvang, sodat hulle sterk mag word in die Gees, omdat hulle die [b]kennis van God het, dat hulle met mag en gesag van God mag leer.
27 En verder het Alma beveel dat die volk van die kerk van hulle besittings moes afstaan, [a]elkeen volgens dit wat hy gehad het; as hy meer oorvloedig het, moes hy meer oorvloedig deel; en van hom wat maar min gehad het, sal maar min verlang word; en aan hom wat nie het nie, moes gegee word.
28 En so moes hulle van hulle besittings deel uit hulle eie vrye wil en goeie begeertes teenoor God, en aan daardie priesters wat behoeftig was, ja, en aan elke behoeftige, naakte siel.
29 En dit het hy aan hulle gesê, omdat hy deur God gebied is; en hulle het opreg [a]gewandel voor God, en met mekaar [b]gedeel beide stoflik en geestelik, volgens hulle behoeftes en hulle node.
30 En nou het dit gebeur dat dit alles in Mormon gedoen is, ja, by die [a]waters van Mormon, in die woud wat naby die waters van Mormon was; ja, die plek van Mormon, die waters van Mormon, die woud van Mormon, hoe lieflik is hulle in die oë van diegene wat daar tot die kennis van hulle Verlosser gekom het; ja, en hoe geseënd is hulle, want hulle sal tot sy lof vir ewig sing.
31 En hierdie dinge is gedoen op die [a]grense van die land, sodat hulle nie mag kom tot die kennis van die koning nie.
32 Maar kyk, dit het gebeur dat, nadat die koning ʼn beweging onder die mense ontdek het, hy sy dienskneгte gestuur het om hulle dop te hou. Daarom, op die dag wat hulle bymekaar gekom het om die woord van die Here te hoor, is hulle ontdek deur die koning.
33 En nou het die koning gesê dat Alma die volk tot ʼn rebellie aangehits het teen hom; daarom het hy sy leër gestuur om hulle te vernietig.
34 En dit het gebeur dat Alma en die volk van die Here [a]in kennis gestel is van die koms van die koning se leër; daarom het hulle hul tente en hul gesinne geneem en in die wildernis ingetrek.

24*a* Hand. 20:33–35; Mosia 27:3–5; Alma 1:26.
25*a* GS Aanbid.
26*a* GS Genade.
*b* GS Kennis.
27*a* Hand. 2:44–45; 4 Ne. 1:3.
29*a* GS Wandel, Wandel met God.
*b* GS Welsyn.
30*a* Mosia 26:15.
31*a* Mosia 18:4.
34*a* Mosia 23:1.

35 En hul was in getal omtrent vierhonderd en vyftig siele.

## HOOFSTUK 19

*Gídeon poog om koning Noag te dood—Die Lamaniete beset die land—Koning Noag ly die dood deur vuur—Limhi heers as ʼn skatpligtige vors. Ongeveer 145–121 v.C.*

En dit het gebeur dat die leër van die koning teruggekeer het, nadat hulle tevergeefs gesoek het na die volk van die Here.

2 En nou kyk, die magte van die koning was klein, omdat hulle verminder is, en daar het begin om ʼn verdeling te kom onder die oorblywende volk.

3 En die kleiner gedeelte het dreigemente begin uitblaas teen die koning, en daar het ʼn groot twis onder hulle begin ontstaan.

4 En nou was daar ʼn man onder hulle wie se naam Gídeon was, en omdat hy ʼn sterk man was en ʼn vyand van die koning, daarom het hy sy swaard uitgetrek, en het gesweer in sy toorn dat hy die koning sou doodmaak.

5 En dit het gebeur dat hy geveg het met die koning; en toe die koning sien dat hy op die punt was om hom te oorweldig, het hy gevlug en gehardloop en die [a]toring bestyg wat naby die tempel was.

6 En Gídeon het hom agternagesit en was op die punt om die toring te bestyg om die koning te dood, en die koning het sy oë rondomheen laat gaan na die land Semlon, en kyk, die leër van die Lamaniete was binne die grense van die land.

7 En nou het die koning uitgeroep in die angs van sy siel, en gesê: Gídeon, spaar my, want die Lamaniete is op ons, en hulle sal ons vernietig; ja, hulle sal my volk vernietig.

8 En nou was die koning nie sodanig bekommerd oor sy volk as wat hy was oor sy eie lewe nie; nogtans, Gídeon het sy lewe gespaar.

9 En die koning het die volk beveel dat hulle voor die Lamaniete moes uitvlug, en hy het voor hulle uitgegaan, en hulle het die wildernis ingevlug, met hulle vroue en hulle kinders.

10 En dit het gebeur dat die Lamaniete hulle agternagesit het, en hulle ingehaal, en hulle begin doodmaak het.

11 Nou het dit gebeur dat die koning hulle beveel het dat al die mans hulle vroue en kinders moes agterlaat, en uitvlug voor die Lamaniete.

12 Nou, daar was baie wat hul nie wou agterlaat nie, maar eerder wou bly en omkom saam met hulle. En die res het hulle vroue en hul kinders agtergelaat en gevlug.

13 En dit het gebeur dat diegene wat by hulle vroue en hulle kinders gebly het, hulle mooi dogters na vore laat kom het en by die Lamaniete pleit dat hulle hul nie moes doodmaak nie.

**19** 5*a* Mosia 11:12.

14 En dit het gebeur dat die Lamaniete ontferming gehad het met hulle, want hulle is betower deur die skoonheid van hulle vroue.
15 Daarom het die Lamaniete hulle lewens gespaar, en hulle gevange geneem en hulle teruggevoer na die land Nefi, en hulle toegelaat dat hulle die land mag besit, op voorwaarde dat hulle koning Noag sou oorlewer in die hande van die Lamaniete, en hulle eiendom oorlewer, en wel een helfte van alles wat hulle besit het, een helfte van hul goud, en hul silwer, en al hul kosbare dinge, en so moes hulle belasting betaal aan die koning van die Lamaniete van jaar tot jaar.
16 En nou was daar een van die seuns van die koning onder diegene wat gevange geneem is, wie se naam [a]Limhi was.
17 En nou was Limhi begerig dat sy vader nie moes vernietig word nie; nogtans, Limhi was nie onkundig omtrent die ongeregtighede van sy vader nie, omdat hyself 'n regverdige man was.
18 En dit het gebeur dat Gídeon manne die wildernis ingestuur het in die geheim, om te soek na die koning en na diegene wat by hom was. En dit het gebeur dat hulle die mense in die wildernis teëgekom het, almal behalwe die koning en sy priesters.
19 Nou, hulle het in hulle harte gesweer dat hulle sou terugkeer na die land Nefi, en as hulle vroue en hulle kinders doodgemaak is, en ook diegene wat by hulle agtergebly het, dat hulle wraak sou soek, en ook omkom met hulle.
20 En die koning het hulle beveel dat hulle nie moes terugkeer nie; en hulle was toornig op die koning, en het hom laat ly en wel tot die [a]dood toe deur vuur.
21 En hulle was op die punt om die priesters ook te neem en hulle dood te maak, en hulle het voor hulle uitgevlug.
22 En dit het gebeur dat hulle op die punt was om terug te keer na die land Nefi, en hulle het die manne van Gídeon teëgekom. En die manne van Gídeon het hulle vertel van alles wat gebeur het met hulle vroue en hul kinders; en dat die Lamaniete hulle gegun het dat hulle die land mag besit deur belasting te betaal aan die Lamaniete van een helfte van alles wat hulle besit het.
23 En die volk het vir die manne van Gídeon vertel dat hulle die koning doodgemaak het, en dat sy priesters van hulle af weggevlug het, verder die wildernis in.
24 En dit het gebeur dat nadat hulle die plegtigheid beëindig het, het hulle teruggekeer na die land Nefi, jubelend, omdat hulle vroue en hul kinders nie doodgemaak is nie; en hulle het vir Gídeon vertel wat hulle gedoen het aan die koning.
25 En dit het gebeur dat die

16*a* Mosia 7:9.
20*a* Mosia 17:13–19; Alma 25:11.

koning van die Lamaniete ʼn [a]eed
teenoor hulle geneem het dat sy
volk hulle nie sou doodmaak nie.
26 En ook Limhi, omdat hy die
seun van die koning was, omdat
die koninkryk aan hom oorge-
dra is [a]deur die volk, het ʼn eed
geneem teenoor die koning van
die Lamaniete dat sy volk belas-
ting sou betaal aan hom, en wel
een helfte van alles wat hulle be-
sit het.
27 En dit het gebeur dat Limhi
begin het om die koninkryk te
stig, en om vrede te vestig onder
sy volk.
28 En die koning van die Lama-
niete het wagte opgestel rondom
die land, sodat hy die volk van
Limhi in die land kon hou, dat
hulle nie mag wegtrek in die wil-
dernis nie; en hy het sy wagte on-
derhou uit die belasting wat hy
ontvang het van die Nefiete.
29 En nou het koning Limhi
voortdurende vrede gehad in
sy koninkryk vir ʼn tydperk van
twee jaar, omdat die Lamaniete
hulle nie aangerand of probeer
het om hulle te vernietig nie.

## HOOFSTUK 20

*ʼn Aantal Lamanitiese dogters word ontvoer deur die priesters van Noag—Die Lamaniete voer oorlog teen Limhi en sy volk—Die Lamanitiese leër word teruggedryf en gekalmeer. Ongeveer 145–123 v.C.*

Nou, daar was ʼn plek in Sem-
lon waar die dogters van die
Lamaniete bymekaar gekom het
om te sing, en te dans, en om hul-
leself te vermaak.
2 En dit het gebeur dat daar een-
dag ʼn klein groepie van hulle by-
mekaar was om te sing en te dans.
3 En nou, die priesters van ko-
ning Noag, omdat hulle skaam
was om terug te keer na die stad
Nefi, ja, en ook gevrees het dat
die volk hulle sou doodmaak,
daarom het hulle nie gedurf om
terug te keer na hulle vroue en
kinders nie.
4 En omdat hulle in die wilder-
nis vertoef het, en die dogters
van die Lamaniete ontdek het,
het hulle gelê en hul dopgehou;
5 En toe daar net ʼn paar van
hulle bymekaar was om te dans,
het hulle uitgekom uit hul skuil-
plekke en hulle geneem en hulle
weggevoer die wildernis in; ja,
vier en twintig van die dogters
van die Lamaniete het hulle weg-
gevoer die wildernis in.
6 En dit het gebeur dat toe die
Lamaniete ontdek het dat hulle
dogters vermis was, was hulle
kwaad vir die volk van Limhi,
want hulle het gedink dat dit die
volk van Limhi was.
7 Daarom het hulle hul leërs uit-
gestuur; ja, naamlik die koning
self het uitgegaan voor sy volk;
en hulle het opgegaan na die land
Nefi om die volk van Limhi te
vernietig.
8 En nou het Limhi hulle ontdek
van die toring af, naamlik al hulle
voorbereidsels vir oorlog het hy

25*a* Mosia 21:3.
26*a* Mosia 7:9.

ontdek; daarom het hy sy volk bymekaargemaak en hulle gelê en inwag in die landerye en in die woude.

9 En dit het gebeur dat toe die Lamaniete aangekom het, dat die volk van Limhi hulle begin aanval het van hul skuilplekke af, en hulle begin doodmaak het.

10 En dit het gebeur dat die stryd baie hewig begin word het, want hulle het geveg soos leeus om hul prooi.

11 En dit het gebeur dat die volk van Limhi die Lamaniete voor hulle begin uitdryf het; tog was hulle nie die helfte so talryk soos die Lamaniete nie. Maar hulle het [a]geveg om hul lewens, en vir hulle vroue, en vir hulle kinders; daarom het hulle hul ingespan en soos drake het hulle geveg.

12 En dit het gebeur dat hulle die koning van die Lamaniete gevind het onder die aantal dooies; tog was hy nie dood nie; hy was gewond en is op die grond agtergelaat, so vinnig het sy volk gevlug.

13 En hulle het hom geneem en sy wonde verbind, en hom gebring voor Limhi, en het gesê: Kyk, hier is die koning van die Lamaniete; hy, omdat hy ʼn wond opgedoen het, het geval onder hulle dooies, en hulle het hom agtergelaat; en kyk, ons het hom gebring voor u; en nou laat ons hom doodmaak.

14 Maar Limhi het aan hulle gesê: Julle sal hom nie doodmaak nie, maar bring hom hierheen dat ek hom mag sien. En hulle het hom gebring. En Limhi het aan hom gesê: Watter rede het julle om op te trek om oorlog te maak teen my volk? Kyk, my volk het nie die [a]eed verbreek wat ek met jou gemaak het nie; daarom, hoekom sal jy die eed verbreek wat jy gemaak het met my volk?

15 En nou het die koning gesê: Ek het die eed verbreek omdat jou volk die dogters van my volk ontvoer het; daarom, in my toorn het ek my volk in die stryd laat optrek teen jou volk.

16 En nou, Limhi het niks geweet aangaande hierdie saak nie; daarom het hy gesê: Ek sal onder my volk soek, en wie ook al hierdie ding gedoen het, sal omkom. Daarom het hy ʼn soektog laat doen onder sy volk.

17 Nou, toe [a]Gídeon hierdie dinge gehoor het, het hy wat die koning se kaptein was, opgegaan en aan die koning gesê: Ek vra u, hou op en moenie hierdie volk deursoek nie, en moet hulle nie verwyt vir hierdie ding nie.

18 Want onthou u nie die priesters van u vader, vir wie hierdie volk gesoek het om te vernietig nie? En is hulle nie in die wildernis nie? En is hulle nie diegene wat die dogters gesteel het van die Lamaniete nie?

19 En nou, kyk, en vertel die koning van hierdie dinge, sodat hy vir sy volk mag vertel sodat hulle gekalmeer kan word teenoor ons;

**20** 11*a* Alma 43:45. | 14*a* Mosia 19:25–26. | 17*a* Mosia 19:4–8.

want kyk, hulle berei hulle alreeds voor om teen ons op te kom; en sien ook, daar is maar weinig van ons.

20 En kyk, hulle kom met hulle talryke leërskare; en tensy die koning hulle kalmeer teenoor ons, moet ons omkom.

21 Want is die woorde van Abinadi nie [a]vervul, wat hy geprofeteer het teen ons nie—en dit alles omdat ons nie wou ag slaan op die woorde van die Here en wegdraai van ons ongeregtighede nie?

22 En nou laat ons die koning kalmeer, en ons die eed nakom wat ons teenoor hom gemaak het; want dit is beter dat ons in slawerny is, as dat ons ons lewens verloor; daarom, laat ons ʼn einde maak aan soveel bloedvergieting.

23 En nou het Limhi die koning al die dinge vertel aangaande sy vader, en die [a]priesters wat die wildernis ingevlug het en die ontvoering van hulle dogters aan hulle gewyt.

24 En dit het gebeur dat die koning gekalmeer was teenoor sy volk; en hy het vir hulle gesê: Laat ons uitgaan om my volk te ontmoet, sonder wapens; en ek sweer vir julle met ʼn eed dat my volk nie u volk sal doodmaak nie.

25 En dit het gebeur dat hulle die koning gevolg het, en uitgegaan het sonder wapens om die Lamaniete te ontmoet. En dit het gebeur dat hulle die Lamaniete ontmoet het; en die koning van die Lamaniete het homself voor hulle neergebuig en het gepleit ten behoewe van die volk van Limhi.

26 En toe die Lamaniete die volk van Limhi sien, dat hulle sonder wapens was, het hulle [a]ontferming vir hulle gehad en is gekalmeer teenoor hulle, en het saam met hulle koning in vrede na hulle eie land teruggekeer.

## HOOFSTUK 21

*Limhi se volk word getref en oorwin deur die Lamaniete—Limhi se volk ontmoet Ammon en word bekeer—Hulle vertel Ammon van die vier en twintig Jereditiese plate. Ongeveer 122–121 v.C.*

En dit het gebeur dat Limhi en sy volk teruggekeer het na die stad Nefi, en weer begin het om in vrede in die land te woon.

2 En dit het gebeur dat na baie dae het die Lamaniete weer begin om opgestook te word tot toorn teen die Nefiete, en hulle het weer binne die grense van die land rondom begin kom.

3 Nou, hulle durf hulle nie dood nie, vanweë die eed wat hulle koning met Limhi gemaak het; maar hulle het hulle op hul [a]wange geslaan, en gesag oor hulle uitgeoefen; en het begin om swaar [b]laste te plaas op hulle rûe, en hulle aan te jaag soos hulle ʼn stomme esel sou—

20 21*a* Mosia 12:1–8.
23*a* Mosia 19:21, 23.
26*a* GS Medelye.
**21** 3*a* Mosia 12:2.
*b* Mosia 12:5.

4 Ja, dit alles is gedoen sodat die
woord van die Here vervul mag
word.
5 En nou die verdrukkinge van
die Nefiete was groot, en daar
was geen wyse waarop hulle hul-
self kon verlos uit hulle hande
nie, want die Lamaniete het hulle
omsingel aan elke kant.
6 En dit het gebeur dat die volk
begin murmureer het teenoor die
koning vanweë hulle verdruk-
kinge; en hulle het begerig begin
word om op te trek teen hulle in
die stryd. En hulle het die koning
baie gekwel met hulle klagtes;
daarom het hy hulle laat handel
volgens hulle begeertes.
7 En hulle het hulleself weer by-
mekaargemaak, en hulle wapen-
rusting aangetrek, en uitgegaan
teen die Lamaniete om hulle uit
hulle land te dryf.
8 En dit het gebeur dat die La-
maniete hulle oorwin het, en hulle
teruggedryf het, en baie van hulle
doodgemaak het.
9 En nou, daar was 'n groot [a]rou-
klag en geween onder die volk
van Limhi, die weduwee het oor
haar man gerou, die seun en die
dogter het gerou oor hulle vader,
en die broers oor hulle broeders.
10 Nou was daar 'n groot aantal
weduwees in die land, en hulle
het geweldig gekerm van dag tot
dag, want 'n groot vrees vir die
Lamaniete het oor hulle gekom.
11 En dit het gebeur dat hul
voortdurende gekerm die res van
die volk van Limhi opgestook het
in toorn teen die Lamaniete; en
hulle het weer opgetrek in die
stryd, maar hulle is weer terug-
gedrywe, en het baie verliese gely.
12 Ja, hulle het weer opgetrek
en wel 'n derde keer, en op die-
selfde wyse gely; en diegene wat
nie doodgemaak is nie, het weer
teruggekeer na die stad Nefi.
13 En hulle het hulself veroot-
moedig tot in die stof, en hulle
onderwerp aan die juk van sla-
werny, en hulleself toegelaat om
geslaan te word, en om heen en
weer gedryf te word, en belas te
word, volgens die begeertes van
hul vyande.
14 En hulle het hulself [a]veroot-
moedig, en wel tot die dieptes
van ootmoed; en hulle het krag-
tig geroep tot God; ja, en wel die
hele dag lank het hulle geroep tot
hulle God dat Hy hulle sou verlos
uit hulle verdrukkinge.
15 En nou, die Here was [a]traag
om hulle geroep te hoor vanweë
hulle ongeregtighede; nogtans het
die Here hulle geroep gehoor, en
het begin om die harte van die La-
maniete te versag, sodat hulle hul
laste begin verlig het; tog het die
Here dit nie goed geag om hulle
te verlos uit slawerny nie.
16 En dit het gebeur dat hulle
geleidelik voorspoediger geword
het in die land, en begin het om
graan meer oorvloedig te kweek,

9*a* Mosia 12:4.
14*a* Mosia 29:20.
GS Nederig, Nederigheid.
15*a* Spr. 15:29; Mosia 11:23–25; L&V 101:7–9.

en kleinvee en grootvee, sodat
hulle nie honger gely het nie.
17 Nou was daar ′n groot aantal vroue, meer as wat daar mans
was; daarom het koning Limhi
beveel dat elke man moes [a]bydra
tot die onderhoud van die [b]weduwees en hul kinders, sodat hulle
nie mag omkom van honger nie;
en dit het hulle gedoen vanweë
die grootte van hul aantal wat gedood is.
18 Nou, die volk van Limhi het
bymekaargebly in ′n groep soveel
as wat moontlik was, en hul graan
en hul kuddes beveilig;
19 En die koning het homself nie
buite die mure van die stad gewaag nie, tensy hy sy wagte saam
met hom geneem het, omdat hy
gevrees het dat hy op een of ander wyse in die hande mag val
van die Lamaniete.
20 En hy het sy volk die land
rondom laat bewaak, sodat
hulle op een of ander wyse daardie priesters mag vang wat die
wildernis ingevlug het, wat die
[a]dogters gesteel het van die Lamaniete, en wat veroorsaak het
dat so ′n groot verwoesting oor
hulle gekom het.
21 Want hulle was begerig om
hulle te vang sodat hulle hul mag
straf; want hulle het in die land
Nefi ingekom in die nag, en hulle
graan weggevoer en baie van
hulle kosbare dinge; daarom het
hulle vir hul gelê en inwag.
22 En dit het gebeur dat daar
nie meer oproerigheid tussen die
Lamaniete en die volk van Limhi
was nie, en wel tot die tyd dat
[a]Ammon en sy broers in die land
ingekom het.
23 En toe die koning buite die
poorte van die stad met sy wagte
was, het hy Ammon en sy broers
ontdek; en omdat hy gedink het
dat hulle priesters van Noag was,
daarom het hy hulle laat vang,
en vasbind, en in die [a]gevangenis werp. En as hulle die priesters van Noag was, sou hy hulle
laat doodmaak het.
24 Maar toe hy vind dat hulle
nie was nie, maar dat hulle sy
broers was, en van die land Zarahemla gekom het, was hy vervul met uitermate groot vreugde.
25 Nou, koning Limhi het voor
die koms van Ammon ′n [a]klein
aantal manne gestuur om te [b]soek
na die land Zarahemla; maar
hulle kon dit nie vind nie, en hulle
was verdwaal in die wildernis.
26 Nogtans, hulle het ′n land gevind wat bevolk was; ja, ′n land
wat bedek was met droë [a]beendere; ja, ′n land wat bevolk was en
wat vernietig was; en hulle, omdat hulle veronderstel het dat dit
die land Zarahemla was, het teruggekeer na die land Nefi, en het
aangekom by die grense van die
land, nie baie dae voor die koms
van Ammon nie.
27 En hulle het ′n kroniek

17*a* Mosia 4:16, 26.
*b* GS Weduwee.
20*a* Mosia 20:5.
22*a* Mosia 7:6–13.
23*a* Hel. 5:21.
25*a* Mosia 8:7.
*b* Mosia 7:14.
26*a* Mosia 8:8.

saamgebring met hulle, naamlik 'n kroniek van die volk wie se beendere hulle gevind het; en dit was gegraveer op plate van erts.

28 En nou, Limhi was weer vervul met blydskap toe hy uit die mond van Ammon leer dat koning Mosia 'n [a]gawe van God gehad het, waardeur hy sulke graverings kon vertolk; ja, en Ammon het ook gejubel.

29 Tog was Ammon en sy broers vervul met droefheid, omdat so baie van hulle broers doodgemaak was;

30 En ook dat koning Noag en sy priesters die mense soveel sondes en ongeregtighede laat pleeg het teen God; en hulle het ook gerou oor die [a]dood van Abinadi; en ook oor die [b]vertrek van Alma en die mense wat saam met hom gegaan het, wat 'n kerk van God gevorm het deur die krag en mag van God, en geloof in die woorde wat deur Abinadi gespreek was.

31 Ja, hulle het gerou oor hulle vertrek, want hulle het nie geweet waarheen hulle gevlug het nie. Nou, hulle sou baie graag by hulle aangesluit het, want hulle het self met God 'n verbond gesluit om Hom te dien en sy gebooie te onderhou.

32 En nou sedert die koms van Ammon het koning Limhi ook 'n verbond met God gesluit, en ook baie van sy volk, om Hom te dien en sy gebooie te onderhou.

33 En dit het gebeur dat koning Limhi en baie van sy volk begerig was om gedoop te word; maar daar was niemand in die land wat die [a]gesag van God gehad het nie. En Ammon het geweier om hierdie ding te doen, omdat hy homself 'n onwaardige dienskneg geag het.

34 Daarom het hulle nie op daardie tydstip hulself tot 'n kerk gevorm nie, maar gewag op die Gees van die Here. Nou, hulle was begerig om net soos Alma en sy broers te word, wat die wildernis ingevlug het.

35 Hulle was begerig om gedoop te word as 'n teken en 'n getuienis dat hulle gewillig was om God te dien met hulle hele harte; nogtans het hulle die tyd verleng; en 'n kroniek van hulle doop sal hierna [a]gegee word.

36 En nou was die hele plan van Ammon en sy volk, en van koning Limhi en sy volk, om hulleself uit die hande van die Lamaniete en van slawerny te verlos.

## HOOFSTUK 22

*Planne word gemaak vir die volk om te ontsnap van Lamanitiese slawerny—Die Lamaniete word dronk gemaak—Die volk ontsnap, keer terug na Zarahemla, en word onderdanig aan Koning Mosia. Ongeveer 121–120 v.C.*

En nou het dit gebeur dat Ammon en koning Limhi begin het

28*a* Omni 1:20–22; Mosia 28:11–16.
30*a* Mosia 17:12–20.
*b* Mosia 18:34–35.
33*a* GS Gesag.
35*a* Mosia 25:17–18.

om te beraadslaag met die volk
hoe hulle hulself moes verlos uit
slawerny; en wel het hulle die
hele volk laat bymekaarkom; en
dit het hulle gedoen sodat hulle
die stem van die volk sou hê aan-
gaande die saak.
2 En dit het gebeur dat hulle
geen wyse kon vind om hulself te
verlos uit slawerny nie, behalwe
om hul vroue en kinders te neem,
en hul kleinvee, en hul grootvee,
en hul tente, en die wildernis in te
trek; want die Lamaniete was so
talryk dat dit onmoontlik was vir
die volk van Limhi om teen hulle
te veg, toe hulle daaraan dink om
hulself uit slawerny te verlos deur
die swaard.
3 Nou het dit gebeur dat Gídeon
na vore getree en voor die ko-
ning gaan staan en aan hom gesê
het: Nou o koning, u het tot dus-
ver baie keer ag geslaan op my
woorde, toe ons teen ons broers,
die Lamaniete geveg het.
4 En nou, o koning, as u my nie
gevind het om ′n onverdienste-
like dienskneg te wees nie, of as
u tot dusver geluister het na my
woorde tot enige mate, en hulle
vir u van waarde was, net so wil
ek hê dat u hierdie keer na my
woorde moet luister, en ek sal u
dienskneg wees en hierdie volk
verlos uit slawerny.
5 En die koning het hom vergun
dat hy mag spreek. En Gídeon het
aan hom gesê:
6 Kyk, die agterste deurgang,
deur die agterste muur, aan die
agterkant van die stad. Die Lama-
niete, of die wagte van die Lama-
niete, is snags dronk; daarom, laat
ons ′n aankondiging uitstuur on-
der hierdie hele volk dat hulle hul
kleinvee en grootvee bymekaar
maak, sodat hulle hul die wilder-
nis kan injaag in die nag.
7 En ek sal volgens u bevel gaan
en die laaste belasting van wyn
aan die Lamaniete betaal, en hulle
sal dronk wees; en ons sal deur
die geheime deurgang aan die lin-
kerkant van hulle kamp deurgaan
wanneer hulle dronk is en slaap.
8 So sal ons vertrek met ons
vroue en ons kinders, ons klein-
vee, en ons grootvee, die wil-
dernis in; en ons sal om die land
Silom reis.
9 En dit het gebeur dat die ko-
ning ag geslaan het op die woorde
van Gídeon.
10 En koning Limhi het sy volk
hulle kuddes laat bymekaarmaak;
en hy het die belasting van wyn
gestuur aan die Lamaniete en hy
het ook meer wyn gestuur, as ′n
geskenk aan hulle; en hulle het
vryelik gedrink van die wyn wat
koning Limhi aan hulle gestuur
het.
11 En dit het gebeur dat die volk
van koning Limhi in die nag die
wildernis ingetrek het met hul
kleinvee en hul grootvee, en hulle
het om die land Silom die wilder-
nis ingetrek, en hulle koers ge-
draai na die land Zarahemla, en
hulle is deur Ammon en sy broers
gelei.
12 En hulle het al hul goud en
silwer, en hul kosbare dinge, wat

hulle kon dra, en ook hul voorraad met hulle saamgeneem, die wildernis in; en hulle het hul reis voortgesit.

13 En nadat hulle baie dae in die wildernis was, het hulle aangekom in die land Zarahemla, en by Mosia se volk aangesluit, en sy onderdane geword.

14 En dit het gebeur dat Mosia hulle ontvang het met vreugde; en hy het ook hulle [a]kronieke ontvang, en ook die [b]kronieke wat gevind was deur die volk van Limhi.

15 En nou het dit gebeur dat toe die Lamaniete agterkom dat die volk van Limhi vertrek het uit die land gedurende die nag, dat hulle 'n leër die wildernis ingestuur het om hulle te agtervolg;

16 En nadat hulle hul twee dae agtervolg het, kon hulle nie langer hulle spore volg nie; daarom was hulle verdwaal in die wildernis.

---

'n Kroniek van Alma en die volk van die Here, wat die wildernis ingedryf is deur die volk van Koning Noag.

*Dit behels hoofstukke 23 en 24.*

## HOOFSTUK 23

*Alma weier om koning te wees—Hy dien as hoëpriester—Die Here kasty sy volk, en die Lamaniete verower die land Helam—Amulon, leier van Koning Noag se goddelose priesters, heers onderdanig aan die Lamanitiese koning. Ongeveer 145–121 v.C.*

Nou Alma, omdat hy gewaarsku is deur die Here dat die leërs van koning Noag op hulle sou afkom, en omdat hy dit bekend gemaak het aan sy volk, daarom het hulle hul kuddes bymekaargemaak, en van hulle graan geneem, en die wildernis in getrek voor die leërs van koning Noag uit.

2 En die Here het hulle versterk, sodat die volk van koning Noag hulle nie kon inhaal om hulle te vernietig nie.

3 En hulle het agt dae se reis die wildernis ingevlug.

4 En hulle het by 'n land gekom, en wel 'n baie mooi en aangename land, 'n land van suiwer water.

5 En hulle het hul tente opgeslaan, en begin om die grond te bewerk, en begin om geboue te bou; ja, hulle was vlytig, en het uitermate gearbei.

6 En die volk was begerig dat Alma hulle koning moes wees, want hy was bemin deur sy volk.

7 Maar hy het aan hulle gesê: Kyk, dit is nie raadsaam dat ons 'n koning moet hê nie; want so sê die Here: Julle sal [a]nie een vlees hoër ag as 'n ander nie, of een man sal homself nie hoër ag as 'n ander nie; daarom sê ek aan julle dit is nie raadsaam dat julle 'n koning moet hê nie.

---

**22** 14*a* Mosia 8:5. *b* Mosia 8:9. **23** 7*a* Mosia 27:3–5.

8 Nogtans, as dit moontlik was dat julle altyd regverdige manne kon hê as julle konings, sou dit goed vir julle wees om ′n koning te hê.

9 Maar onthou die [a]ongeregtigheid van koning Noag en sy priesters; en ekself is in ′n lokval [b]gevang, en het baie dinge gedoen wat gruwelik was in die oë van die Here, wat my ernstige bekering veroorsaak het;

10 Nogtans, na baie [a]verdrukking het die Here my geroep gehoor, en het my gebede beantwoord, en het my ′n werktuig gemaak in sy hande om [b]so baie van julle te bring tot ′n kennis van sy waarheid.

11 Nogtans, hierin roem ek nie, want ek is onwaardig om te roem oor myself.

12 En nou sê ek aan julle, julle was verdruk deur koning Noag, en was in slawerny tot hom en sy priesters, en is gebring tot ongeregtigheid deur hulle; daarom was julle gebind deur die [a]bande van ongeregtigheid.

13 En nou omdat julle verlos is deur die krag van God uit hierdie bande; ja, naamlik uit die hande van koning Noag en sy volk, en ook van die bande van ongeregtigheid, net so begeer ek dat julle sal [a]vasstaan in hierdie [b]vryheid waarmee julle vrygemaak is, en dat julle [c]geen man vertrou om ′n koning oor julle te wees nie.

14 En ook, vertrou geeneen om julle [a]leraar nóg julle dienaar te wees, tensy hy ′n man van God is, wat in sy weë wandel en sy gebooie onderhou.

15 So het Alma sy volk geleer, dat elke man sy naaste moes [a]liefhê soos homself, sodat daar geen [b]onenigheid moes wees onder hulle nie.

16 En nou, Alma was hulle [a]hoëpriester, omdat hy die stigter van hulle kerk was.

17 En dit het gebeur dat niemand [a]gesag ontvang het om te preek of te leer nie, behalwe deur hom van God. Daarom het hy al hulle priesters geordineer en al hulle leraars; en niemand is geordineer nie, tensy hulle regverdige manne was.

18 Daarom het hulle gewaak oor hul volk, en hulle [a]gevoed met dinge wat betrekking het op regverdigheid.

19 En dit het gebeur dat hulle begin het om uitermate voorspoedig in die land te word; en hulle het die land Helam genoem.

20 En dit het gebeur dat hulle vermenigvuldig het en uitermate voorspoedig was in die land Helam; en hulle het ′n stad gebou, wat hulle die stad Helam genoem het.

---

9*a* Spr. 16:12; Mosia 11:1–15.
*b* Mosia 17:1–4.
10*a* L&V 58:4.
*b* Mosia 18:35.
12*a* 2 Ne. 28:19–22.
13*a* Gal. 5:1.
*b* GS Vry, Vryheid.
*c* Mosia 29:13.
14*a* Mosia 18:18–22.
15*a* GS Liefde.
*b* 3 Ne. 11:28–29.
16*a* Mosia 26:7.
17*a* GS Gesag; Priesterskap.
18*a* 1 Tim. 4:6.

21 Nogtans, die Here ag dit goed om sy volk te [a]kasty; ja, Hy beproef hulle [b]geduld en hulle geloof.

22 Nogtans—wie ook al sy [a]vertroue in Hom stel, sal [b]verhef word op die laaste dag. Ja, en so was dit met hierdie volk.

23 Want kyk, ek sal aan julle toon dat hulle gebring is tot slawerny, en niemand kon hulle verlos nie behalwe die Here hulle God, ja, naamlik die God van Abraham en Isak en van Jakob.

24 En dit het gebeur dat Hy hulle verlos het, en Hy het sy magtige krag getoon aan hulle, en groot was hulle jubelings.

25 Want kyk, dit het gebeur dat terwyl hulle in die land Helam was, ja, in die stad Helam, terwyl hulle die landerye rondom bewerk het, kyk, 'n leër van die Lamaniete was binne die grense van die land.

26 Nou, dit het gebeur dat die broers van Alma gevlug het van hulle landerye, en hulleself bymekaargemaak het in die stad Helam; en hulle was baie bang vanweë die verskyning van die Lamaniete.

27 Maar Alma het uitgegaan en onder hulle gaan staan, en hulle vermaan dat hulle nie bang moes wees nie, maar dat hulle die Here hulle God moes onthou en Hy sou hulle verlos.

28 Daarom het hulle hul vrese gestil, en begin om te roep tot die Here dat Hy die harte van die Lamaniete sou versag, sodat hulle hul sou spaar, en hulle vroue, en hul kinders.

29 En dit het gebeur dat die Here die harte versag het van die Lamaniete. En Alma en sy broers het uitgegaan en hulself oorgegee in hul hande; en die Lamaniete het besit geneem van die land Helam.

30 Nou, die leërs van die Lamaniete, wat die volk van koning Limhi agternagesit het, was verdwaal in die wildernis vir baie dae lank.

31 En kyk, hulle het daardie priesters van koning Noag gevind in 'n plek wat hulle Amulon genoem het; en hulle het begin om die land Amulon te besit en het begin om die grond te bewerk.

32 Nou, die naam van die leier van daardie priesters was Amulon.

33 En dit het gebeur dat Amulon by die Lamaniete gepleit het; en hy het ook hulle vroue uitgestuur, wat die [a]dogters van die Lamaniete was, om te pleit by hulle broers, dat hulle nie hul mans moes vernietig nie.

34 En die Lamaniete het [a]medelye gehad met Amulon en sy broers, en het hulle nie vernietig nie, vanweë hulle vroue.

35 En Amulon en sy broers het by die Lamaniete aangesluit, en hulle het gereis in die wildernis

21*a* Hel. 12:3; L&V 98:21. GS Kasty, Kastyding.
*b* GS Geduld.
22*a* GS Vertrou.
*b* 1 Ne. 13:37.
33*a* Mosia 20:3–5.
34*a* GS Medelye.

op soek na die land Nefi toe hulle die land Helam ontdek het, wat besit is deur Alma en sy broers.

36 En dit het gebeur dat die Lamaniete aan Alma en sy broers belowe het, dat as hulle hul die weg sou wys wat lei na die land Nefi, hulle aan hulle hul lewens en hul vryheid sou gun.

37 Maar nadat Alma hulle die weg gewys het wat gelei het na die land Nefi, wou die Lamaniete nie hul belofte nakom nie; maar hulle het [a]wagte opgestel rondom die land Helam, oor Alma en sy broers.

38 En die res van hulle het gegaan na die land Nefi; en ′n gedeelte van hulle het teruggekeer na die land Helam, en het ook saam met hulle die vroue en die kinders van die wagte gebring wat in die land agtergelaat is.

39 En die koning van die Lamaniete het aan Amulon gegun om ′n koning en ′n heerser te wees oor sy volk, wat in die land Helam was; nogtans sou hy geen mag hê om enigiets strydig te doen met die wil van die koning van die Lamaniete nie.

## HOOFSTUK 24

*Amulon vervolg Alma en sy volk—Hulle moet doodgemaak word indien hulle bid—Die Here maak dat hulle laste lig voel—Hy verlos hulle van slawerny, en hulle keer terug na Zarahemla. Ongeveer 145–120 v.C.*

En dit het gebeur dat Amulon guns gevind het in die oë van die koning van die Lamaniete; daarom, die koning van die Lamaniete het aan hom en sy broers gegun dat hulle aangestel mag word as leraars oor sy volk, ja, en wel oor die volk wat in die land Semlon was, en in die land Silom, en in die land Amulon.

2 Want die Lamaniete het besit geneem van al hierdie lande; daarom, die koning van die Lamaniete het konings aangestel oor al hierdie lande.

3 En nou, die naam van die koning van die Lamaniete was Laman, en hy is na sy vader genoem; en daarom is hy koning Laman genoem. En hy was koning oor ′n talryke volk.

4 En hy het onderwysers aangestel uit die broers van Amulon in elke land wat besit is deur sy volk; en so is begin om die taal van Nefi te onderrig onder al die volke van die Lamaniete.

5 En hulle was ′n volk wat vriendelik was teenoor mekaar; nogtans het hulle God nie geken nie; nóg het die broers van Amulon hulle niks aangaande die Here hulle God geleer, nóg die wet van Moses; nóg het hulle hul die woorde van Abinadi geleer;

6 Maar hulle het hulle geleer dat hulle hul kronieke moes byhou, en dat hulle aan mekaar mag skryf.

7 En so het die Lamaniete begin om toe te neem in rykdom,

37*a* Mosia 24:8–15.

en begin om handel te dryf met mekaar en magtig te word, en begin om ′n geslepe en wyse volk te word, wat die wysheid van die wêreld aanbetref, ja, ′n baie geslepe volk, wat behae geskep het in allerlei booshede en plunder, behalwe onder hulle eie mense.

8 En nou het dit gebeur dat Amulon begin [a]gesag uitoefen het oor Alma en sy broers, en begin het om hom te vervolg, en sy kinders hulle kinders laat vervolg het.

9 Want Amulon het vir Alma geken, dat hy [a]een van die koning se priesters was, en dat dit hy was wat die woorde van Abinadi geglo het en uitgedryf is voor die koning, en daarom was hy toornig op hom; want hy was onderdanig aan koning Laman, tog het hy gesag uitgeoefen oor hulle, en het [b]take aan hulle opgedra en het opsigters oor hulle geplaas.

10 En dit het gebeur dat hulle verdrukkinge so groot was dat hulle kragtig begin roep het tot God.

11 En Amulon het hulle beveel dat hulle hul geroep moes staak; en hy het wagte oor hulle gestel om hulle dop te hou, sodat wie ook al gevind sou word wat God aanroep, gedood moes word.

12 En Alma en sy volk het hulle stemme nie verhef tot die Here hulle God nie, maar het hulle harte voor Hom [a]uitgestort; en Hy het die gedagtes van hulle harte geken.

13 En dit het gebeur dat die stem van die Here tot hulle gekom het in hulle verdrukkinge, en gesê het: Rig julle hoofde op en hou moed, want Ek weet van die verbond wat julle met My gesluit het; en Ek sal ′n verbond sluit met my volk en hulle verlos uit slawerny.

14 En Ek sal ook die laste verlig wat op julle skouers geplaas word, en wel dat julle hulle nie op julle rûe kan voel nie, selfs terwyl julle in slawerny is; en dit sal Ek doen sodat julle hierna mag staan as [a]getuies vir My, en sodat julle vir seker mag weet dat Ek, die Here God, tog my volk besoek in hulle [b]verdrukkinge.

15 En nou het dit gebeur dat die laste wat op Alma en sy broers gelê was, lig gemaak is; ja, die Here het hulle [a]versterk dat hulle hul [b]laste met gemak kon dra, en hulle het blymoedig en met [c]geduld hulle onderwerp aan die ganse wil van die Here.

16 En dit het gebeur dat hulle geloof en hul geduld so groot was dat die stem van die Here weer tot hulle gekom het, en gesê het: Hou moed, want môre sal Ek julle verlos uit slawerny.

17 En Hy het aan Alma gesê: Jy sal uitgaan voor hierdie volk, en Ek sal met jou gaan en hierdie volk verlos uit [a]slawerny.

**24** 8*a* L&V 121:39.
9*a* Mosia 17:1–4; 23:9.
*b* Mosia 21:3–6.
12*a* GS Gebed.
14*a* GS Getuie.
*b* GS Teenstand.
15*a* Matt. 11:28–30.
*b* Alma 31:38; 33:23.
*c* L&V 54:10.
GS Geduld.
17*a* GS Slawerny.

18 Nou het dit gebeur dat Alma
en sy volk hulle kuddes in die nag
bymekaargemaak het, en ook van
hulle graan; ja, en selfs heelnag
deur het hulle hul kuddes byme-
kaargemaak.
19 En in die môre het die Here
ʼn [a]diepe slaap oor die Lamaniete
laat kom, ja, en al hulle opsigters
was in ʼn diepe slaap.
20 En Alma en sy volk het die
wildernis in vertrek; en nadat
hulle heeldag gereis het, het hulle
hul tente opgeslaan in ʼn vallei, en
hulle het die vallei Alma genoem,
omdat hy hulle gelei het op hul
weg in die wildernis.
21 Ja, en in die vallei van Alma
het hulle hul [a]dank uitgestort teen-
oor God omdat Hy barmhartig was
teenoor hulle, en hul laste verlig
het, en hulle verlos het uit sla-
werny; want hulle was in slawerny,
en niemand kon hulle verlos nie
tensy dit die Here hulle God was.
22 En hulle het God gedank, ja,
al hulle mans en al hulle vroue
en al hulle kinders wat kon praat,
het hul stemme verhef tot lof van
hulle God.
23 En nou het die Here aan Alma
gesê: Maak gou en gaan jy en die
volk uit hierdie land uit, want die
Lamaniete het ontwaak en agter-
volg julle; gaan daarom uit die
land uit, en Ek sal die Lamaniete
in hierdie vallei stop sodat hulle
nie verder kom in die agtervol-
ging van hierdie volk nie.
24 En dit het gebeur dat hulle
vertrek het uit die vallei, en hulle
reis geneem het die wildernis in.
25 En nadat hulle vir twaalf dae
in die wildernis was, het hulle
aangekom in die land Zarahemla;
en koning Mosia het hulle ook
ontvang met blydskap.

## HOOFSTUK 25

*Die afstammelinge van Mulek in Zarahemla word Nefiete—Hulle leer van die volk van Alma en van Zenif—Alma doop Limhi en sy hele volk—Mosia magtig Alma om die Kerk van God te organiseer. Ongeveer 120 v.C.*

En nou het koning Mosia die hele
volk bymekaar laat kom.
2 Nou, daar was nie soveel van
die kinders van Nefi, of soveel
van diegene wat afstammelinge
van Nefi was nie, as wat daar was
van die [a]volk Zarahemla, wat ʼn
afstammeling was van [b]Mulek, en
diegene wat saam met hom die
wildernis ingekom het.
3 En daar was nie soveel van die
volk van Nefi en van die volk van
Zarahemla as wat daar was van
die Lamaniete nie; ja, hulle was
nie die helfte so talryk nie.
4 En nou was die hele volk van
Nefi byeen versamel, en ook die
hele volk van Zarahemla, en hulle
was versamel in twee groepe by-
mekaar.
5 En dit het gebeur dat Mosia
gelees het, en laat lees het; die
kronieke van Zenif aan sy volk;

19*a* 1 Sam. 26:12.
21*a* GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
**25** 2*a* Omni 1:13–19.
*b* Hel. 6:10.
GS Mulek.

ja, hy het die kronieke gelees van die volk van Zenif, vanaf die tyd toe hulle die land Zarahemla verlaat het, totdat hulle weer teruggekeer het.

6 En hy het ook die kroniek van Alma en sy broers gelees, en al hulle verdrukkinge, vanaf die tyd dat hulle die land Zarahemla verlaat het tot die tyd dat hulle weer teruggekeer het.

7 En nou, toe Mosia ʼn einde daaraan gemaak het om die kronieke te lees, was sy volk wat in die land agtergebly het, oorstelp van verwondering en verbasing.

8 Want hulle het nie geweet wat om te dink nie; want toe hulle diegene sien wat verlos is [a]uit slawerny, is hulle vervul met uitnemende groot blydskap.

9 En verder, toe hulle gedink het aan hulle broers wat doodgemaak was deur die Lamaniete, was hulle vervul met droefheid, en het ook baie trane van droefheid gestort.

10 En verder, toe hulle gedink het aan die onmiddellike goedheid van God, en sy krag om Alma en sy broers te verlos uit die hande van die Lamaniete en uit slawerny, het hulle hul stemme verhef en God gedank.

11 En verder, toe hulle aan die Lamaniete gedink het, wat hulle broers was, aan hulle sondige en besoedelde toestand, is hulle vervul met [a]pyn en angs oor die welsyn van hulle [b]siele.

12 En dit het gebeur dat diegene wat die kinders van Amulon en sy broers was, wat vroue geneem het van die dogters van die Lamaniete, ontevrede was oor die gedrag van hulle vaders, en hulle wou nie langer genoem word by die name van hul vaders nie, daarom het hulle op hulself die naam van Nefi geneem dat hulle die kinders van Nefi genoem mag word en gereken word onder diegene wat Nefiete genoem is.

13 En nou, die hele volk van Zarahemla is [a]gereken onder die Nefiete, en dit omdat die koninkryk aan niemand oorgedra was nie, behalwe aan diegene wat afstammelinge van Nefi was.

14 En nou het dit gebeur dat toe Mosia ʼn einde gemaak het om te spreek met en te lees vir die volk, het hy begeer dat Alma ook met die volk moes spreek.

15 En Alma het met hulle gespreek, toe hulle in groot groepe vergader was, en hy het van een groep na ʼn ander gegaan, en aan die volk bekering en geloof in die Here verkondig.

16 En hy het die volk van Limhi en sy broers vermaan, al diegene wat verlos was uit slawerny, dat hulle moes onthou dat dit die Here was wat hulle verlos het.

17 En dit het gebeur dat nadat Alma die volk baie dinge geleer het, en ʼn einde gemaak het om met hulle te spreek, dat koning Limhi begerig was dat hy gedoop

8*a* Mosia 22:11–13.
11*a* Mosia 28:3–4; Alma 13:27.
*b* GS Siel—Waarde van siele.
13*a* Omni 1:19.

mag word; en sy hele volk was begerig dat hulle ook gedoop mag word.
18 Daarom, Alma het in die water ingegaan en hulle [a]gedoop; ja, hy het hulle gedoop volgens die wyse waarop hy sy broers in die [b]waters van Mormon gedoop het; ja, en soveel as wat hy gedoop het, het behoort aan die kerk van God; en dit vanweë hul geloof in die woorde van Alma.
19 En dit het gebeur dat koning Mosia aan Alma gegun het dat hy kerke mag oprig dwarsdeur die land Zarahemla; en hy het hom [a]mag gegee om priesters en leraars te ordineer oor elke kerk.
20 Nou, dit is gedoen omdat daar soveel mense was dat hulle nie almal deur een leraar beheer kon word nie; nóg kon hulle almal die woord van God hoor op een byeenkoms;
21 Daarom het hulle hulself in verskillende groepe vergader, wat kerke genoem is; elke kerk het sy priesters en sy leraars gehad, en elke priester verkondig die woord soos dit aan hom oorgelewer is by monde van Alma.
22 En so, nieteenstaande daar baie kerke was, was hulle almal een [a]kerk, ja, en wel die kerk van God; want daar is niks in al die kerke verkondig, tensy dit bekering en geloof in God was nie.
23 En nou, daar was sewe kerke in die land Zarahemla. En dit het gebeur dat wie ook al begerig was om die [a]naam van Christus op hulle te neem, of van God, het by die kerke van God aangesluit.
24 En hulle is genoem die [a]volk van God. En die Here het sy Gees uitgestort oor hulle en hulle was geseënd, en hulle was voorspoedig in die land.

## HOOFSTUK 26

*Baie lede van die Kerk word deur ongelowiges na sonde gelei—Alma word die ewige lewe belowe—Diegene wat bekeer en gedoop word, verkry vergifnis—Kerklede in sonde, wat bekeer en bely aan Alma en aan die Here, sal vergewe word; andersins sal hulle nie getel word onder die volk van die Kerk nie. Ongeveer 120–100 v.C.*

Nou, dit het gebeur dat daar baie van die opkomende geslag was wat nie die woorde van koning Benjamin kon verstaan nie, omdat hulle klein kindertjies was toe hy destyds met sy volk gespreek het; en hulle het nie die oorleweringe van hul vaders geglo nie.
2 Hulle het nie geglo wat gesê was aangaande die opstanding van die dode nie, nóg het hulle geglo aangaande die koms van Christus.
3 En nou vanweë hulle ongeloof, kon hulle nie die woord van God [a]verstaan nie; en hulle harte was verhard.

18*a* Mosia 21:35.
*b* Mosia 18:8–17.
19*a* GS Priesterskap.
22*a* Mosia 18:17.
23*a* GS Jesus Christus—Om die Naam van Jesus Christus op ons te neem.
24*a* GS Verbond.
**26** 3*a* GS Begrip.

4 En hulle wou nie gedoop word nie; nóg wou hulle by die kerk aansluit. En hulle was 'n aparte volk betreffende hul geloof, en het so gebly vir ewig daarna, naamlik in hul [a]vleeslike en sondige toestand; want hulle wou nie die Here hulle God aanroep nie.

5 En nou gedurende die heerskappy van Mosia was hulle nie die helfte so talryk as die volk van God nie; maar vanweë die [a]twiste onder die broers het hulle talryker geword.

6 Want dit het gebeur dat hulle baie bedrieg het met hul vleiende woorde, wat in die kerk was, en veroorsaak het dat hulle baie sondes begaan het; daarom het dit noodsaaklik geword dat diegene wat sonde begaan het, wat in die kerk was, [a]vermaan moes word deur die kerk.

7 En dit het gebeur dat hulle voor die priesters gebring is, en aan die priesters deur die leraars oorgelewer is; en die priesters het hulle voor Alma gebring, wat die [a]hoëpriester was.

8 Nou, Koning Mosia het aan Alma die gesag gegee oor die kerk.

9 En dit het gebeur dat Alma nie geweet het aangaande hulle nie; maar daar was baie getuies teen hulle; ja, die volk het gestaan en oorvloediglik getuig van hulle ongeregtigheid.

10 Nou, daar het nie so iets voorheen plaasgevind in die kerk nie; daarom was Alma ontsteld in sy gees en hy het hulle voor die koning laat bring.

11 En hy het aan die koning gesê: Kyk, hier is baie wat ons voor u gebring het, wat deur hul broers beskuldig word; ja, en hulle is betrap in verskillende ongeregtighede. En hulle bekeer nie van hul ongeregtighede nie; daarom het ons hulle voor u gebring, dat u hulle mag oordeel volgens hulle misdade.

12 Maar koning Mosia het aan Alma gesê: Kyk, ek oordeel hulle nie; daarom [a]lewer ek hulle oor in jou hande om geoordeel te word.

13 En nou was die gees van Alma weer ontsteld; en hy het gegaan en vir die Here gevra wat hy moes doen aangaande hierdie saak, want hy het gevrees dat hy verkeerd sou doen in die oë van God.

14 En dit het gebeur dat nadat hy sy hele siel uitgestort het voor God, het die stem van die Here tot hom gekom, en gesê:

15 Geseënd is jy, Alma, en geseënd is hulle wat gedoop is in die [a]waters van Mormon. Jy is geseënd vanweë jou uitnemende [b]geloof slegs in die woorde van my dienskneg Abinadi.

16 En geseënd is hulle vanweë hulle uitnemende geloof in die woorde bloot wat jy met hulle gespreek het.

4*a* GS Natuurlike Mens.
5*a* GS Afval; Twis.
6*a* Alma 5:57–58; 6:3. GS Waarsku, Waarskuwing.
7*a* Mosia 29:42.
12*a* L&V 42:78–93.
15*a* Mosia 18:30.
*b* Mosia 17:2. GS Geloof, Glo.

17 En geseënd is jy omdat jy ’n [a]kerk gestig het onder hierdie volk; en hulle sal gevestig word en hulle sal my volk wees.

18 Ja, geseënd is hierdie volk wat gewillig is om my [a]Naam te dra; want volgens my Naam sal hulle genoem word; en hulle is Myne.

19 En omdat jy van My gevra het aangaande die oortreder, is jy geseënd.

20 Jy is my dienskneg; en Ek sluit ’n verbond met jou dat jy die [a]ewige lewe sal hê; en jy sal My dien en uitgaan in my Naam en sal my skape bymekaarmaak.

21 En hy wat my stem sal hoor, sal my [a]skaap wees; en hom sal jy ontvang in die kerk, en hom sal Ek ook ontvang.

22 Want kyk, dit is my kerk; wie ook al [a]gedoop word, sal gedoop word tot bekering. En wie ook al julle ontvang, sal glo in my Naam; en hom sal Ek vryelik [b]vergewe.

23 Want dit is Ek wat die sondes van die wêreld op My [a]neem; want dit is Ek wat hulle [b]geskape het; en dit is Ek wat aan hom wat glo tot die einde toe, ’n plek aan my regterhand gee.

24 Want kyk, in my Naam is hulle geroep; en as hulle My [a]ken, sal hulle uitkom, en sal ’n plek vir ewig hê aan my regterhand.

25 En dit sal gebeur dat wanneer die [a]tweede trompet sal blaas, dan sal hulle wat My nooit [b]geken het nie, uitkom en sal voor My staan.

26 En dan sal hulle weet dat Ek die Here hulle God is, dat Ek hulle Verlosser is; maar hulle wou nie verlos word nie.

27 En dan sal Ek aan hulle verklaar dat Ek hulle nooit [a]geken het nie; en hulle sal [b]weggaan in die [c]ewigdurende vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.

28 Daarom sê Ek aan jou, dat hy wat nie my stem wil [a]hoor nie, vir hom moet julle nie ontvang in my kerk nie, want vir hom sal Ek nie ontvang op die laaste dag nie.

29 Daarom sê Ek aan jou, Gaan; en wie ook al oortree teen My, hom sal julle [a]oordeel [b]volgens die sondes wat hy gepleeg het; en as hy sy sondes [c]bely voor jou en voor My, en hom [d]bekeer in die opregtheid van sy hart, hom sal julle [e]vergewe, en Ek sal hom ook vergewe.

30 Ja, en [a]so dikwels as wat my volk [b]bekeer, sal Ek hulle hul oortredings teen My vergewe.

31 En julle sal ook mekaar julle

17 *a* Mosia 25:19–24.
18 *a* Mosia 1:11; 5:8. GS Jesus Christus—Om die Naam van Jesus Christus op ons te neem.
20 *a* GS Ewige Lewe; Uitverkore; Verkiesing.
21 *a* GS Goeie Herder.
22 *a* 2 Ne. 9:23. GS Doop.
*b* GS Vergewe; Vergifnis van Sondes.
23 *a* GS Verlosser.
*b* GS Skep, Skepping.
24 *a* Joh. 17:3.
25 *a* L&V 88:99, 109.
*b* L&V 76:81–86.
27 *a* Matt. 7:21–23.
*b* Lk. 13:27.
*c* L&V 76:43–44.
28 *a* 2 Ne. 9:31; L&V 1:14.
29 *a* GS Regter, Oordeel.
*b* GS Toerekenbaar, Toerekenbaarheid.
*c* 3 Ne. 1:25. GS Bely, Belydenis.
*d* GS Bekeer, Bekering.
*e* GS Vergewe.
30 *a* Moro. 6:8.
*b* Eség. 33:11, 15–16; Hand. 3:19–20; Mosia 29:19–20.

oortredings [a]vergewe; want voorwaar Ek sê vir jou, hy wat nie sy naaste se oortredings vergewe wanneer hy sê dat hy bekeer nie, hy het homself onder veroordeling gebring.

32 Nou sê Ek aan jou: Gaan; en wie ook al nie van sy oortredings sal bekeer nie, sal nie onder my volk gereken word nie; en dit sal voortaan onderhou word vanaf hierdie tyd.

33 En dit het gebeur toe Alma hierdie woorde gehoor het, het hy hulle neergeskryf sodat hy hulle mag hê, en sodat hy die volk mag oordeel van daardie kerk volgens die gebooie van God.

34 En dit het gebeur dat Alma gegaan en diegene geoordeel het wat in ongeregtigheid betrap is, volgens die woord van die Here.

35 En wie ook al bekeer het van hulle sondes en hulle [a]bely het, hulle het hy gereken onder die volk van die kerk;

36 En diegene wat nie hulle sonde wou bely, en bekeer van hulle ongeregtigheid nie, is nie gereken onder die volk van die kerk nie, en hulle name is [a]uitgewis.

37 En dit het gebeur dat Alma al die sake van die kerk bestuur het; en hulle het weer begin om vrede te hê en om uitermate voorspoedig te wees in die sake van die kerk, en hulle het versigtig gewandel voor God, en het baie ontvang en baie gedoop.

38 En nou het Alma en sy medearbeiders al hierdie dinge gedoen wat oor die kerk was, en hulle het ywerig gewandel, en het die woord van God in alle dinge onderrig, en het allerlei verdrukkinge gely, en is vervolg deur al diegene wat nie behoort het aan die kerk van God nie.

39 En hulle het hul broers vermaan; en hulle is ook [a]vermaan, elkeen deur die woord van God, volgens sy sondes, of vir die sondes wat hy gepleeg het, en hulle is gebied deur God om te [b]bid sonder ophou, en om [c]dank te betuig in alle dinge.

## HOOFSTUK 27

*Mosia verbied vervolging en beveel gelykheid—Alma die jongere en die vier seuns van Mosia poog om die Kerk te vernietig—'n Engel verskyn en beveel hulle om hul bose gedrag te staak—Alma word met stomheid geslaan—Die hele mensdom moet weer gebore word om heil te verkry—Alma en die seuns van Mosia verkondig blye tydings. Ongeveer 100–92 v.C.*

En nou het dit gebeur dat die vervolginge wat die kerk opgelê is deur die ongelowiges, so groot geword het dat die kerk begin het om te murmureer, en kla by hulle leiers aangaande die saak; en hulle het by Alma gekla. En Alma het die saak gelê voor hulle

31 *a* 3 Ne. 13:14–15; L&V 64:9–10.
35 *a* GS Bely, Belydenis.
36 *a* Ex. 32:33; Alma 1:24. GS Boek van die Lewe; Ekskommunikeer.
39 *a* GS Waarsku, Waarskuwing.
*b* 2 Ne. 32:8–9.
*c* GS Dank, Dankbaar, Danksegging.

koning, Mosia. En Mosia het oorleg gepleeg met sy priesters.
2 En dit het gebeur dat koning Mosia 'n aankondiging uitgestuur het deur die omliggende land, dat geen ongelowige enige van diegene moes [a]vervolg wat behoort het aan die kerk van God nie.
3 En daar was 'n streng bevel dwarsdeur al die kerke dat daar geen vervolginge moes wees onder hulle nie, dat daar 'n [a]gelykheid moes wees onder alle mense.
4 Dat hulle geen hoogmoed of trots hul [a]vrede moes laat versteur nie; dat elke mens sy naaste moes [b]ag soos homself, en arbei met hul eie hande vir hul onderhoud.
5 Ja, en al hulle priesters en leraars moes [a]arbei met hul eie hande vir hul onderhoud, in alle gevalle behalwe as daar siekte was, of in veel gebrek; en deur hierdie dinge te doen, was hulle oorvloedig in die [b]genade van God.
6 En daar het weer veel vrede in die land begin kom; en die volk het baie talryk begin word, en het begin om ver en wyd op die aangesig van die aarde te versprei, ja, na die noorde en na die suide, na die ooste en na die weste, en hulle het groot stede en dorpies gebou in alle gebiede van die land.
7 En die Here het hulle besoek en hulle voorspoedig gemaak, en hulle het 'n groot en ryk volk geword.
8 Nou, die [a]seuns van Mosia is gereken onder die ongelowiges; en ook een van die seuns van Alma is gereken onder hulle, hy is Alma genoem na sy vader; nogtans, hy het 'n baie goddelose man en 'n [b]afgodedienaar geword. En hy was 'n man van baie woorde, en het baie vleitaal met die volk gespreek; daarom het hy baie van die mense gelei om te doen volgens die wyse van sy ongeregtighede.
9 En hy het 'n groot hindernis geword in die weg van die voorspoed van die kerk van God; en hy het die harte van die volk [a]weggesteel; en hy het baie onenigheid veroorsaak onder die volk; en so 'n kans gegee aan die vyand van God om sy mag oor hulle uit te oefen.
10 En nou het dit gebeur dat terwyl hy rondgegaan het om die kerk van God te vernietig, want hy het rondgegaan in die geheim met die seuns van Mosia om te soek om die kerk te vernietig, en om die volk van die Here op 'n dwaalweg te bring, teenstrydig met die gebooie van God, of selfs die koning—
11 En soos ek aan julle gesê het, terwyl hulle rondgegaan het en [a]rebelleer teen God, kyk, die [b]engel van die Here het aan

**27** 2*a* GS Vervolg, Vervolging.
3*a* Mosia 23:7; 29:32.
4*a* GS Vrede.
*b* GS Agting.
5*a* Mosia 18:24, 26.
*b* GS Genade.
8*a* GS Alma, Seun van Alma.
*b* GS Afgodery.
9*a* 2 Sam. 15:1–6.
11*a* GS Rebellie.
*b* GS Engele.

hulle [c]verskyn; en hy het neergedaal soos in 'n wolk; en hy het gespreek asof met 'n stem van die donder, wat die aarde laat skud het waarop hulle gestaan het;
12 En so groot was hulle verbasing, dat hulle neergeval het op die aarde, en nie die woorde verstaan het wat hy met hulle gespreek het nie.
13 Nogtans het hy weer geroep, en gesê: Alma, staan op en kom na vore, want waarom vervolg jy die kerk van God? Want die Here het gesê: [a]Dit is my kerk, en Ek sal dit vestig; en niks sal dit omvergooi nie, behalwe die oortredinge van my volk.
14 En verder, die engel het gesê: Kyk, die Here het die [a]gebede van sy volk gehoor, en ook die gebede van sy dienskneg, Alma, wat jou vader is; want hy het gebid met baie geloof aangaande jou dat jy tot die kennis van die waarheid gebring mag word; daarom, vir hierdie doel het ek gekom om jou te oortuig van die krag en gesag van God, dat die [b]gebede van sy diensknegte verhoor mag word volgens hulle geloof.
15 En nou kyk, kan jy die krag van God betwis? Want kyk, skud my stem nie die aarde nie? En kan jy my nie ook voor jou sien nie? En ek is gestuur van God.
16 Nou sê ek aan jou: Gaan, en onthou die slawerny van jou vaders in die land Helam, en in die land Nefi; en onthou watter groot dinge Hy gedoen het vir hulle; want hulle was in slawerny, en Hy het hulle [a]verlos. En nou sê ek aan jou, Alma, gaan heen, en soek nie meer om die kerk te vernietig nie, sodat hulle gebede verhoor mag word, en dit alhoewel jy jouself wil laat uitwerp.
17 En nou het dit gebeur dat hierdie die laaste woorde was wat die engel met Alma gespreek het, en hy het weggegaan.
18 En nou het Alma en diegene wat by hom was, weer neergeval op die aarde, want groot was hul verbasing; want met hul eie oë het hulle 'n engel van die Here gesien, en sy stem was soos die donder, wat die aarde geskud het; en hulle het geweet dat daar niks behalwe die krag van God was wat die aarde kon skud en dit laat bewe asof dit uitmekaar sou skeur nie.
19 En nou was die verbasing van Alma so groot dat hy stom geword het, sodat hy nie sy mond kon oopmaak nie; ja, en hy het swak geword, sodat hy nie eens sy hande kon beweeg nie; daarom is hy deur diegene wat by hom was geneem, en hulpeloos gedra, en wel totdat hy neergelê is voor sy vader.
20 En hulle het aan sy vader alles oorvertel wat met hulle gebeur het; en sy vader was verheug,

11 *c* Hand. 9:1–9; Alma 8:15.
13 *a* GS Jesus Christus—Hoof van die Kerk.
14 *a* Alma 10:22.
*b* Morm. 9:36–37.
16 *a* Mosia 23:1–4.

want hy het geweet dat dit die
krag van God was.
21 En hy het ′n skare bymekaar
laat kom sodat hulle mag getuig
wat die Here vir sy seun gedoen
het, en ook vir diegene wat by
hom was.
22 En hy het die priesters byeen
laat kom; en hulle het begin om
te vas, en om te bid tot die Here
hulle God, dat Hy die mond van
Alma moes oopmaak, dat hy mag
spreek, en ook dat sy ledemate
hul krag mag ontvang—dat die
oë van die volk geopen mag word
om te sien en weet van die goed-
heid en heerlikheid van God.
23 En dit het gebeur nadat hulle
gevas en gebid het vir ′n tydperk
van twee dae en twee nagte, het
die ledemate van Alma hulle krag
ontvang, en hy het opgestaan en
met hulle begin spreek, en hulle
versoek om goeie moed te hou.
24 Want, het hy gesê, ek het be-
keer van my sondes, en is [a]verlos
deur die Here; kyk ek is gebore
uit die Gees.
25 En die Here het aan my gesê:
Verwonder jou nie dat die hele
mensdom, ja, mans en vroue,
alle nasies, stamme, tale en volke,
[a]weer gebore moet word nie; ja,
gebore uit God, [b]verander van hul
[c]vleeslike en vervalle toestand,
tot ′n toestand van regverdig-
heid, omdat hulle verlos is deur
God, en sy seuns en dogters ge-
word het;
26 En so word hulle nuwe skep-
sele; en tensy hulle dit doen, kan
hulle [a]geensins die koninkryk van
God beërwe nie.
27 Ek sê vir julle, tensy dit die
geval is, moet hulle verwerp
word; en dit weet ek, want ek is
byna verwerp.
28 Nogtans, nadat ek baie be-
proewinge deurworstel het, en tot
die dood toe bekeer het, het die
Here in barmhartigheid dit goed
geag om my te ruk uit ′n [a]ewig-
durende verbranding, en is ek ge-
bore uit God.
29 My siel is verlos uit die gal
van bitterheid en bande van onge-
regtigheid. Ek was in die donker-
ste afgrond; maar nou aanskou ek
die wonderlike lig van God. My
siel is [a]gemartel deur ewige folte-
ring; maar ek is uitgeruk, en my
siel word nie meer gepynig nie.
30 Ek het my Verlosser verwerp,
en dít ontken waarvan deur ons
vaders gespreek is; maar noudat
hulle mag vooruitsien dat Hy sal
kom, en dat Hy elke skepsel van
sy skepping in herinnering hou,
sal Hy Homself openbaar aan al-
mal.
31 Ja, [a]elke knie sal buig, en elke
tong bely voor Hom. Ja, en wel
op die laaste dag, wanneer alle
mense sal staan om [b]geoordeel

24*a* 2 Ne. 2:6–7.
GS Verlos, Verlossing.
25*a* Rom. 6:3–11;
Mosia 5:7;
Alma 5:14;
Moses 6:59.
GS Wedergebore,
Gebore uit God.
*b* Mosia 3:19; 16:3.
*c* GS Vleeslik.
26*a* Joh. 3:5.
28*a* 2 Ne. 9:16.
29*a* Mosia 2:38.
31*a* Filip. 2:9–11;
Mosia 16:1–2;
L&V 88:104.
*b* GS Jesus Christus—
Regter.

te word deur Hom, dan sal hulle bely dat Hy God is; dan sal hulle bely, wat [c]sonder God in die wêreld lewe, dat die oordeel van ’n ewigdurende straf regverdig is oor hulle; en hulle sal sidder, en bewe, en krimp onder die blik van sy [d]alsiende oog.

32 En nou het dit gebeur dat Alma begin het om vanaf hierdie tyd die volk te leer, en diegene wat by Alma was gedurende die tyd toe die engel aan hulle verskyn het, het rondgereis dwarsdeur die hele land, en aan al die mense die dinge verkondig wat hulle gehoor en gesien het, en die woord van God gepredik onder veel beproewinge, en hulle is grootliks vervolg deur diegene wat ongelowiges was, en is deur baie van hulle geslaan.

33 Maar nieteenstaande dit alles, het hulle baie vertroosting aan die kerk meegedeel, en hulle geloof versterk, en hulle vermaan met lankmoedigheid en baie arbeid om die gebooie van God te onderhou.

34 En vier van hulle was die [a]seuns van Mosia; en hulle name was Ammon, en Aäron, en Omner, en Himni; dit was die name van die seuns van Mosia.

35 En hulle het deur die hele land Zarahemla gereis, en onder al die volke wat onder die heerskappy van koning Mosia was, terwyl hulle ywerig probeer het om al die skade te herstel wat hulle die kerk aangedoen het, en al hulle sondes bely, en al die dinge verkondig wat hulle gesien het, en die profesieë en die skrifte verduidelik aan almal wat begerig was om hulle te hoor.

36 En sodoende was hulle werktuie in die hande van God om baie tot die kennis van die waarheid te bring, ja, tot die kennis van hulle Verlosser.

37 En hoe geseënd is hulle! Want hulle het [a]vrede verkondig; hulle het [b]blye tydings van die goeie verkondig; en hulle het aan die volk verklaar dat die Here heers.

## HOOFSTUK 28

*Die seuns van Mosia gaan om vir die Lamaniete te preek—Deur die twee sienerstene te gebruik, vertaal Mosia die plate van die Jerediete. Ongeveer 92 v.C.*

NOU het dit gebeur dat nadat die [a]seuns van Mosia al hierdie dinge gedoen het, het hulle ’n klein aantal saam met hulle geneem en het teruggekeer na hulle vader, die koning, en hom versoek dat hy hulle sal gun om op te gaan met diegene wat hulle uitgesoek het, na die land [b]Nefi sodat hulle die dinge wat hulle gehoor het mag preek, en dat hulle die woord van God mag meedeel aan hulle broers die Lamaniete—

2 Sodat hulle hul miskien mag

31*c* Alma 41:11.
*d* GS God, Godheid.
34*a* GS Ammon, Seun van Mosia.
37*a* Jes. 52:7; Mosia 15:14–17. GS Preek.
*b* GS Evangelie.
**28** 1*a* Mosia 27:34.
*b* Omni 1:12–13; Mosia 9:1.

bring tot die kennis van die Here hulle God, en hulle oortuig van die ongeregtigheid van hul vaders; en dat hulle hul miskien mag genees van hul [a]haat teenoor die Nefiete, dat hulle ook daartoe gebring mag word om hul te verheug in die Here hulle God, dat hulle vriendelik mag word met mekaar, en dat daar geen twiste meer sou wees in die hele land wat die Here hulle God hul gegee het nie.

3 Nou was hulle begerig dat heil bekend gemaak moet word aan elke skepsel, want hulle kon nie [a]verdra dat enige menslike [b]siel moet vergaan nie; ja, selfs die intense gedagtes dat enige siel [c]eindelose pyniging moes verduur, het hulle laat sidder en beef.

4 En so het die Gees van die Here ingewerk op hulle, want hulle was die mees [a]goddelose sondaars. En die Here het dit goed geag in sy eindelose [b]barmhartigheid om hulle te spaar; nogtans het hulle baie angs van siel gely vanweë hulle ongeregtighede, en hulle het baie gely en gevrees dat hulle vir ewig uitgewerp sou word.

5 En dit het gebeur dat hulle baie dae lank by hulle vader gepleit het dat hulle na die land Nefi mag opgaan.

6 En koning Mosia het gegaan en vir die Here gevra of hy sy seuns moes laat opgaan onder die Lamaniete om die woord te preek.

7 En die Here het aan Mosia gesê: Laat hulle opgaan, want baie sal glo in hulle woorde, en hulle sal die ewige lewe hê; en Ek sal jou seuns [a]verlos uit die hande van die Lamaniete.

8 En dit het gebeur dat Mosia toegelaat het dat hulle mag gaan en doen volgens hulle versoek.

9 En hulle het hul [a]reis die wildernis in geneem om op te gaan om die woord te preek onder die Lamaniete; en ek sal 'n [b]kroniek van hulle handelinge hierna gee.

10 Nou, koning Mosia het niemand gehad aan wie hy die koninkryk kon oordra nie, want daar was nie een van sy seuns wat die koninkryk wou aanvaar nie.

11 Daarom het hy die kronieke wat gegraveer was op die [a]plate van brons geneem, en ook die plate van Nefi, en al die dinge wat hy behou en bewaar het volgens die gebooie van God, nadat hy die kronieke vertaal het en die kronieke laat skryf het wat op [b]plate van goud was, wat gevind was deur die volk van Limhi, wat aan hom oorhandig is deur die hand van Limhi;

12 En dit het hy gedoen vanweë die groot bekommernis van sy volk; want hulle was bomate begerig om te weet aangaande daardie volk wat vernietig was.

---

2 *a* Jakob 7:24.
3 *a* Alma 13:27; 3 Ne. 17:14; Moses 7:41.
*b* GS Siel—Waarde van siele.
*c* Jakob 6:10; L&V 19:10–12.
4 *a* Mosia 27:10.
*b* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
7 *a* Alma 19:22–23.
9 *a* Alma 17:6–9.
*b* Alma 17–26.
11 *a* GS Bronsplate.
*b* GS Goue Plate.

13 En nou het hy hulle vertaal deur middel van daardie twee [a]stene wat geheg is in die twee kante van ʼn boog.

14 Nou hierdie dinge is voorberei van die begin af, en is oorhandig van geslag tot geslag, met die doel om tale te vertolk;

15 En hulle is behou en bewaar deur die hand van die Here, sodat Hy aan elke skepsel wat die land sou besit, die ongeregtighede en gruwels van sy volk mag bekend maak;

16 En wie ook al hierdie dinge het, word [a]siener genoem, volgens die gebruik van die ou tyd.

17 Nou, nadat Mosia die kronieke klaar vertaal het, kyk, dit het ʼn kroniek gegee van die volk wat [a]vernietig was, van die tyd dat hulle vernietig was, terug tot die bou van die [b]groot toring, in die tyd toe die Here die taal van die volke [c]verwar het, en hulle ver en wyd verstrooi is oor die aangesig van die hele aarde, ja, en wel van daardie tyd af terug tot by die skepping van Adam.

18 Nou, hierdie kroniek het veroorsaak dat die volk van Mosia uitermate getreur het, ja, hulle is vervul met droefheid; nogtans het dit hulle baie kennis gegee, waarin hulle hul verheug het.

19 En hierdie kroniek sal hierna geskrywe word; want kyk, dit is belangrik dat alle volke die dinge moet weet wat in hierdie kroniek geskrywe is.

20 En nou, soos ek aan julle gesê het, dat nadat koning Mosia hierdie dinge gedoen het, het hy die plate van [a]brons geneem, en al die dinge wat hy bewaar het, en hulle oorgedra aan Alma, wat die seun was van Alma; ja, al die kronieke, en ook die [b]vertolkers, en hulle oorgedra aan hom, en hom beveel dat hy hulle moes behou en [c]bewaar, en ook ʼn kroniek hou van die volk, en oorhandig van een geslag na die ander, net soos hulle oorhandig was vanaf die tyd dat Lehi Jerusalem verlaat het.

## HOOFSTUK 29

*Mosia stel voor dat regters gekies word in plaas van ʼn koning—Onregverdige konings lei hulle volke na sonde—Alma die jongere word gekies as hoofregter deur die stem van die volk—Hy is ook die hoëpriester oor die Kerk—Alma die ouere en Mosia sterf. Ongeveer 92–91 v.C.*

NOU toe Mosia dit gedoen het, het hy dwarsdeur die land uitgestuur onder die hele volk, begerig om te weet wat hulle wil is aangaande wie hulle koning moes wees.

2 En dit het gebeur dat die stem van die volk gekom het, en gesê het: Ons is begerig dat Aäron u

13*a* GS Urim en Tummim.
16*a* Mosia 8:13–18. GS Siener.
17*a* Mosia 8:7–12.
*b* Ether 1:1–5.
*c* Gén. 11:6–9.
20*a* Alma 37:3–10.
*b* GS Urim en Tummim.
*c* GS Skrifture—Skrifture wat bewaar moet word.

seun ons koning en heerser moet wees.

3 Nou, Aäron het opgegaan na die land Nefi, daarom kon die koning nie die koninkryk aan hom oordra nie; nóg wou Aäron die koninkryk op hom neem; nóg was nie een van die [a]seuns van Mosia gewillig om die koninkryk op hulle te neem.

4 Daarom het koning Mosia weer onder die volk gestuur; ja, en wel ′n geskrewe woord het hy onder die volk gestuur. En hierdie was die woorde wat geskrywe was, wat sê:

5 Kyk, o julle my volk, of my broers, want ek ag julle as sodanig, ek begeer dat julle die saak moet oorweeg wat julle saamgeroep is om te oorweeg—want julle is begerig om ′n [a]koning te hê.

6 Nou verklaar ek aan julle dat hy aan wie die koninkryk regmatig behoort, dit afgewys het, en wil nie die koninkryk op hom neem nie.

7 En nou as daar ′n ander aangestel sou word in sy plek, kyk ek vrees dat daar twiste onder julle sal ontstaan. En wie weet of my seun, aan wie die koninkryk behoort, nie dalk sal verander en toornig wees, en ′n gedeelte van hierdie volk wegtrek agter hom aan nie, wat oorloë en twiste sal veroorsaak onder julle, wat die oorsaak sal wees van baie bloedvergieting en verdraaiing van die weë van die Here, ja, en die siele van baie mense vernietig.

8 Nou sê ek aan julle, laat ons verstandig wees en hierdie dinge oorweeg, want ons het geen reg om my seun te vernietig nie, nóg sal ons die reg hê om ′n ander te vernietig as hy in sy plek aangestel word.

9 En as my seun weer terugkeer tot sy hoogmoed en ydele dinge, sou hy die dinge terugtrek wat hy gesê het, en sy reg op die koninkryk eis, wat hom, en ook hierdie volk, sal veroorsaak om baie sonde te pleeg.

10 En nou laat ons verstandig wees en vooruitsien na hierdie dinge, en dit doen wat die vrede vir hierdie volk sal verseker.

11 Daarom sal ek julle koning wees die res van my dae; nogtans, laat ons [a]regters [b]aanstel, om hierdie volk te oordeel volgens ons wet; en ons sal opnuut die sake van hierdie volk reël, want ons sal wyse manne aanstel om regters te wees, wat hierdie volk sal oordeel volgens die gebooie van God.

12 Nou, dit is beter dat ′n mens geoordeel sal word deur God as deur ′n mens, want die oordele van God is altyd regverdig, maar die oordele van ′n mens is nie altyd regverdig nie.

13 Daarom, as dit moontlik sou wees dat julle [a]regverdige manne kan hê om julle konings te wees, wat die wette van God sou daarstel, en hierdie volk oordeel

**29** 3*a* Mosia 27:34.
5*a* 1 Sam. 8:9–19.
11*a* Ex. 18:13–24.
*b* Mosia 29:25–27.
13*a* Mosia 23:8, 13–14.

volgens sy gebooie, ja, as julle manne vir julle konings kon hê wat sou doen net soos my vader [b]Benjamin gedoen het vir hierdie volk—ek sê vir julle, as dit altyd die geval kon wees, dan sou dit raadsaam wees dat julle altyd konings sou hê om oor julle te heers.

14 En waarlik, ekself het gearbei met al die krag en die vermoëns waaroor ek beskik het, om julle die gebooie van God te leer, en om vrede te vestig dwarsdeur die land, dat daar geen oorloë nóg twiste, geen diefstal, nóg geplunder, nóg moord, nóg enige soort ongeregtigheid sal wees;

15 En wie ook al ongeregtigheid gepleeg het, hom het ek [a]gestraf volgens die oortreding wat hy gepleeg het; volgens die wet wat aan ons gegee is deur ons vaders.

16 Nou sê ek aan julle, omdat alle mense nie regverdig is nie, is dit nie raadsaam dat julle ′n koning of konings moet hê om te heers oor julle nie.

17 Want kyk, hoeveel [a]ongeregtigheid laat een [b]goddelose koning toe om gepleeg te word, ja, en watter groot vernietiging!

18 Ja, onthou koning Noag, sy [a]boosheid en sy gruwels, en ook die boosheid en gruwels van sy volk. Kyk watter groot vernietiging oor hulle gekom het; en ook vanweë hulle ongeregtighede is hulle gebring tot [b]slawerny.

19 En as dit nie was vir die tussenkoms van hulle alwyse Skepper nie, en dit vanweë hul opregte bekering, moes hulle onvermydelik gebly het in slawerny tot nou toe.

20 Maar kyk, Hy het hulle verlos omdat hulle hul voor Hom [a]verootmoedig het; en omdat hulle [b]kragtig tot Hom geroep het, het Hy hulle verlos uit slawerny; en so werk die Here met sy krag in alle gevalle onder die kinders van mense; en strek die arm van [c]barmhartigheid uit na hulle wat hulle [d]vertroue stel in Hom.

21 En kyk, nou sê ek aan julle, julle kan nie ′n goddelose koning onttroon behalwe deur baie twis, en baie bloedvergieting nie.

22 Want kyk, hy het sy [a]vriende in ongeregtigheid, en hy hou sy wagte rondom hom; en hy skeur die wette op van diegene wat in regverdigheid voor hom geheers het; en hy vertrap onder sy voete die gebooie van God;

23 En hy maak wette, en stuur hulle uit onder sy volk, ja, wette volgens die wyse van sy eie [a]boosheid; en wie ook al nie sy wette gehoorsaam nie, laat hy doodmaak; en wie ook al rebelleer teen hom, sal hy sy leërs teen hulle uitstuur in die stryd, en as hy kan,

13 *b* WvM 1:17–18.
15 *a* Alma 1:32–33.
17 *a* Alma 46:9–10.
*b* Mosia 23:7–9.
18 *a* Mosia 11:1–15.
*b* 1 Sam. 8:10–18; Mosia 12:1–8; Ether 6:22–23.
20 *a* Mosia 21:13–15.
*b* Ex. 2:23–25; Alma 43:49–50.
*c* Eség. 33:11, 15–16; Mosia 26:30.
*d* GS Vertrou.
22 *a* 1 Kon. 12:8–14.
23 *a* GS Boos, Boosheid.

sal hy hulle vernietig; en so verdraai ′n onregverdige koning die weë van alle geregtigheid.

24 En nou kyk, ek sê vir julle, dit is nie raadsaam dat sulke gruwels oor julle sal kom nie.

25 Daarom, kies julle deur die stem van die volk regters, sodat julle geoordeel mag word volgens die wette wat aan julle gegee is deur ons vaders, wat juis is, en wat aan hulle gegee is deur die hand van die Here.

26 Nou, dit is nie algemeen dat die stem van die volk enigiets begeer strydig met dit wat reg is nie; maar dit is algemeen vir die mindere deel van die volk om te begeer dit wat nie reg is nie; daarom, dit sal julle onderhou en dit julle wet maak—om julle sake te doen deur die stem van die volk.

27 En [a]as die tyd kom dat die stem van die volk ongeregtigheid verkies, dan is dit die tyd dat die oordele van God oor julle sal kom; ja, dan is dit die tyd dat Hy julle sal besoek met groot vernietiging, en wel soos Hy tot nog toe hierdie land besoek het.

28 En nou as julle regters het, en hulle julle nie oordeel volgens die wet wat gegee is nie, kan julle hulle deur ′n hoër regter laat oordeel.

29 As julle hoër regters nie regverdige oordele oordeel nie, sal julle ′n klein aantal van julle laer regters laat bymekaarkom, en hulle sal julle hoër regters oordeel, volgens die stem van die volk.

30 En ek beveel julle om hierdie dinge te doen in die vrees van die Here, en ek gebied julle om hierdie dinge te doen, en dat julle geen koning sal hê nie; sodat as hierdie volk sondes en ongeregtighede pleeg, dit verantwoord sal word op hul eie hoofde.

31 Want kyk ek sê vir julle, die sondes van baie volke is veroorsaak deur die ongeregtighede van hulle konings; daarom word hulle ongeregtighede verantwoord op die hoofde van hulle konings.

32 En nou begeer ek dat hierdie [a]ongelykheid nie meer in hierdie land moet wees nie, veral onder hierdie my volk; maar ek begeer dat hierdie land ′n land van [b]vryheid moet wees, en [c]elke man sy regte en voorregte mag geniet in gelyke mate, solank as die Here dit goeddink dat ons mag lewe en die land beërwe, ja, en wel so lank as enige van ons nageslag oorbly op die aangesig van die land.

33 En baie meer dinge het koning Mosia aan hulle geskryf, en aan hulle al die beproewings en sorge van ′n regverdige koning ontvou, ja, al die moeitevolle arbeid van siel vir hulle volk, en ook al die murmurerings van die volk teenoor hul koning; en hy het dit alles aan hulle verduidelik.

34 En hy het hulle vertel dat hierdie dinge nie behoort te wees nie; maar dat die las op die hele

27*a* Alma 10:19.
32*a* Alma 30:11.
*b* 2 Ne. 1:7; 10:11. GS Vry, Vryheid.
*c* Alma 27:9.

volk moet rus, sodat elke man sy deel mag dra.

35 En hy het ook aan hulle al die nadele ontvou wat hulle sou ly deur ′n onregverdige koning te hê om oor hulle te heers;

36 Ja, al sy ongeregtighede en gruwels, en al die oorloë en twiste en bloedvergieting, en die diefstal en die geplunder, en die pleeg van hoererye, en allerlei ongeregtighede wat nie opgenoem kan word nie—en hy het hulle vertel dat hierdie dinge nie behoort te wees nie, dat hulle uitdruklik teenstrydig was met die gebooie van God.

37 En nou het dit gebeur, nadat koning Mosia hierdie dinge uitgestuur het onder die volk, was hulle oortuig van die waarheid van sy woorde.

38 Daarom het hulle hul begeertes vir ′n koning laat vaar, en het besonder gretig geword dat elke mens ′n gelyke kans moet hê dwarsdeur die hele land; ja, en elke mens het ′n gewilligheid uitgespreek om te antwoord vir sy eie sondes.

39 Daarom, dit het gebeur dat hulle dwarsdeur die land in groepe bymekaargekom het, om te stem oor wie hulle regters moet wees, om hulle te oordeel volgens die [a]wet wat aan hulle gegee was; en hulle was uitermate verbly vanweë die [b]vryheid wat aan hulle geskenk is.

40 En hulle liefde vir Mosia het sterk toegeneem; ja, hulle het hom meer geag as enige ander man; want hulle het hom nie beskou as ′n tiran wat wins najaag nie, ja, vir daardie vuil gewin wat die siel verderf; want hy het nie rykdomme van hulle geëis nie, nóg het hy behae geskep in bloedvergieting; maar hy het [a]vrede in die land gestig, en hy het aan sy volk gegun dat hulle verlos moet word van alle soorte slawerny; daarom het hulle hom, ja, uitnemend, bomate geag.

41 En dit het gebeur dat hulle [a]regters aangestel het om oor hulle te heers, of om hulle te oordeel volgens die wet; en dit het hulle dwarsdeur die hele land gedoen.

42 En dit het gebeur dat Alma aangestel is as die eerste hoofregter, en hy was ook die hoëpriester, omdat sy vader die amp aan hom oorgedra het, en hom die verantwoordelikheid gegee het oor al die sake van die kerk.

43 En nou het dit gebeur dat Alma [a]gewandel het in die weë van die Here, en hy het sy gebooie onderhou, en hy het regverdige oordele geoordeel; en daar was voortdurende vrede deur die land.

44 En so het die heerskappy van die regters begin dwarsdeur die land Zarahemla, onder die hele volk wat die Nefiete genoem is; en Alma was die eerste en hoofregter.

45 En nou het dit gebeur dat sy

39*a* Alma 1:14.
*b* GS Vry, Vryheid.
40*a* GS Vredemaker.
41*a* Mosia 29:11.
43*a* GS Wandel, Wandel met God.

vader gesterwe het, toe hy twee en tagtig jaar oud was, en hy het gelewe om die gebooie van God te volbring.

46 En dit het gebeur dat Mosia ook gesterwe het, in die drie en dertigste jaar van sy heerskappy; toe hy [a]drie en sestig jaar oud was; en daar het altesame vyf honderd en nege jaar verloop vanaf die tyd dat Lehi Jerusalem verlaat het.

47 En so het die heerskappy van die konings geëindig oor die volk van Nefi; en so het die dae van Alma geëindig, wat die stigter van hulle kerk was.

# DIE BOEK VAN ALMA

## DIE SEUN VAN ALMA

Die kroniek van Alma, wat die seun was van Alma, die eerste en hoofregter oor die volk van Nefi, en ook die hoëpriester oor die Kerk. ′n Kroniek van die heerskappy van die regters, en die oorloë en twiste onder die volk. En ook ′n kroniek van ′n oorlog tussen die Nefiete en die Lamaniete, volgens die kroniek van Alma, die eerste en hoofregter.

### HOOFSTUK 1

*Nehor leer valse leerstellings, vestig ′n kerk, voer priesterlis in, en maak Gídeon dood—Nehor word tereggestel vir sy misdade—Priesterlis en vervolgings versprei onder die volk—Die priesters onderhou hulself, die volk sorg vir die armes, en die Kerk is voorspoedig. Ongeveer 91–88 v.C.*

NOU het dit gebeur dat in die eerste jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi, vanaf hierdie tyd, het koning Mosia wat die [a]weg gegaan het van die ganse aarde, en ′n goeie stryd gestry het, en opreg gewandel het voor God, en niemand gelaat om te heers in sy plek nie; nogtans het hy [b]wette uitgevaardig, en hulle is erken deur die volk; daarom was hulle verplig om die wette te gehoorsaam wat hy gemaak het.

2 En dit het gebeur dat in die eerste jaar van die heerskappy van Alma in die regterstoel, was daar ′n [a]man wat voor hom gebring is om geoordeel te word, ′n man wat groot was, en bekend was vir sy groot krag.

3 En hy het rondgegaan onder die volk, en aan hulle gepreek dit wat hy as die woord van God [a]bestempel het, en die kerk [b]teengestaan, en aan die volk verklaar dat elke priester en leraar [c]gewild

46*a* Mosia 6:4.

[ALMA]
**1** 1*a* Mosia 29:46.
*b* Jarom 1:5; Alma 4:16; Hel. 4:22.
2*a* Alma 1:15.
3*a* Eség. 13:3.
*b* GS Antichris.
*c* Lk. 6:26; 1 Ne. 22:23.

behoort te word; en dat hulle [d]nie met hulle hande behoort te arbei nie, maar dat hulle deur die volk onderhou behoort te word.

4 En hy het ook aan die volk getuig dat die hele mensdom gered sal word op die laaste dag, en dat hulle nie hoef te vrees of te bewe nie, maar dat hulle hul hoofde mag oprig en juig; want die Here het alle mense geskape, en het ook alle mense verlos; en, aan die einde, sal alle mense die ewige lewe hê.

5 En dit het gebeur dat hy hierdie dinge geleer het tot so ′n mate dat baie in sy woorde geglo het, en selfs soveel dat hulle hom begin ondersteun en hom geld gegee het.

6 En hy het begin om verhewe te word in die hoogmoed van sy hart, en om baie kosbare kleding te dra, ja, en selfs begin het om ′n [a]kerk te stig volgens die wyse van sy prediking.

7 En dit het gebeur dat terwyl hy gaan om te preek vir diegene wat geglo het in sy woord, het hy ′n man ontmoet wat aan die kerk van God behoort het; ja, en wel een van hulle leraars, en hy het begin om hewig te stry met hom, sodat hy die volk van die kerk mag weglei; maar die man het hom weerstaan, en hom vermaan met die [a]woorde van God.

8 Nou was die naam van die man [a]Gídeon; en dit was hy wat ′n werktuig was in die hande van God om die volk van Limhi te verlos uit slawerny.

9 Nou, omdat Gídeon hom weerstaan het met die woorde van God, was hy vertoornd op Gídeon, en het sy swaard uitgetrek en begin om hom te slaan. Nou Gídeon, omdat hy al baie oud was, was daarom nie in staat om sy houe te weerstaan nie, daarom is hy deur die swaard [a]gedood.

10 En die man wat hom doodgeslaan het, is deur die mense van die kerk geneem en is voor Alma gebring, om [a]geoordeel te word volgens die misdade wat hy gepleeg het.

11 En dit het gebeur dat hy voor Alma gestaan het en vir homself gepleit het met groot moedigheid.

12 Maar Alma het aan hom gesê: Kyk, dit is die eerste keer dat [a]priesterlis ingevoer is onder hierdie volk. En kyk, jy is nie net skuldig aan priesterlis nie, maar het gepoog om dit af te dwing deur die swaard; en as priesterlis op hierdie volk afgedwing word, sal dit lei tot hul algehele vernietiging.

13 En jy het die bloed gestort van ′n regverdige man, ja, ′n man wat baie goed gedoen het onder hierdie volk; en as ons jou lewe sou spaar, sou sy bloed oor ons kom om [a]wraak te neem.

14 Daarom word jy [a]veroordeel om te sterwe, volgens die wet wat ons gegee is deur Mosia, ons

3*d* Mosia 18:24, 26; 27:5.
6*a* 1 Ne. 14:10.
7*a* GS Woord van God.
8*a* Mosia 20:17; 22:3.
9*a* Alma 6:7.
10*a* Mosia 29:42.
12*a* 2 Ne. 26:29. GS Priesterlis.
13*a* GS Wraak.
14*a* GS Doodstraf.

laaste koning; en dit is erken deur
hierdie volk; daarom moet hierdie
volk die wet gehoorsaam.
15 En dit het gebeur dat hulle
hom geneem het; en sy naam was
[a]Nehor; en hulle het hom gedra
tot bo-op die heuwel Manti, en
hy was daartoe gebring, of eer-
der het erken, tussen die hemele
en die aarde, dat wat hy aan die
volk geleer het, teenstrydig was
met die woord van God; en daar
het hy ŉ [b]skanddood gesterwe.
16 Nogtans, dit het nie ŉ einde
gemaak aan die verspreiding van
priesterlis deur die land nie; want
daar was baie wat die ydele dinge
van die wêreld liefgehad het, en
hulle het uitgegaan en valse leer-
stellings gepredik; en dit het hulle
gedoen ter wille van [a]rykdom en
eer.
17 Nogtans, hulle het nie gedurf
om te [a]lieg nie, indien dit bekend
word, uit vrees vir die wet, want
leuenaars is gestraf; daarom het
hulle voorgegee om te preek vol-
gens hulle geloof; en nou kon die
wet geen mag hê oor enige man
oor [b]sy geloof nie.
18 En hulle het nie gedurf om
te [a]steel nie, uit vrees vir die wet,
want sulkes is gestraf; nóg het
hulle gewaag om te roof, of te
moor, want hy wat [b]moord ge-
pleeg het is gestraf met die [c]dood.
19 Maar dit het gebeur dat wie
ook al nie behoort het aan die
kerk van God nie, begin het om
diegene te vervolg wat wel aan
die kerk van God behoort het, en
die Naam van Christus op hulle
geneem het.
20 Ja, hulle het hulle vervolg,
en hulle gekwel met allerhande
woorde, en dit vanweë hulle
ootmoed; omdat hulle nie hoog-
moedig was in hul eie oë nie, en
omdat hulle die woord van God
meegedeel het, die een aan die an-
der, sonder [a]geld en sonder prys.
21 Nou was daar ŉ streng wet
onder die mense van die kerk, dat
daar geen mens, wat aan die kerk
behoort, sal opstaan en diegene
[a]vervolg wat nie aan die kerk be-
hoort nie, en dat daar geen ver-
volging onder hulleself moes
wees nie.
22 Nogtans, daar was baie on-
der hulle wat begin het om hoog-
moedig te word, en begin het om
kwaai met hulle teenstanders te
stry, selfs tot slae; ja, hulle het me-
kaar met hulle vuiste geslaan.
23 Nou dit was in die tweede
jaar van die heerskappy van
Alma, en dit was ŉ oorsaak van
baie verdrukking vir die kerk; ja,
dit was die oorsaak van baie be-
proewing vir die kerk.
24 Want die harte van baie was
verhard, en hulle name is [a]uit-
gewis, sodat hulle nie langer in

15*a* Alma 1:2.
*b* Deut. 13:1–9.
16*a* GS Rykdom; Ydel, Ydelheid.
17*a* GS Eerlik, Eerlikheid; Lieg.
*b* Alma 30:7–12; Gel. Art. 1:11.
18*a* GS Steel.
*b* GS Moord.
*c* GS Doodstraf.
20*a* Jes. 55:1–2.
21*a* GS Vervolg, Vervolging.
24*a* Ex. 32:33; Mosia 26:36; Alma 6:3. GS Ekskommunikeer.

gedagte gebring is onder die volk
van God nie. En ook het baie hulle
[b]onttrek uit hulle midde.
25 Nou was dit ′n groot beproe-
wing vir diegene wat wel vasge-
staan het in die geloof; nogtans,
hulle was standvastig en onbe-
weeglik in die onderhouding van
die gebooie van God, en hulle het
met [a]geduld die vervolging ver-
dra wat op hulle gehoop is.
26 En toe die priesters hul arbeid
verlaat het om die woord van God
aan die volk mee te deel, het die
volk ook hulle [a]arbeid verlaat om
die woord van God te hoor. En toe
die priester aan hulle die woord
van God meegedeel het, het hulle
almal weer ywerig teruggekeer
na hul arbeid; en die priester het
homself nie hoër geag as sy hoor-
ders nie, want die prediker was
niks beter as die hoorder nie, nóg
was die leraar enigsins beter as
die leerling; en dus was almal ge-
lyk, en hulle het almal gearbei,
elke man [b]volgens sy krag.
27 En hulle het van hul besit-
tings [a]gedeel, elke man volgens
dit wat hy gehad het, aan die [b]ar-
mes, en die behoeftiges, en die
siekes, en die verdruktes; en hulle
het nie kosbare kleding gedra nie,
tog was hulle netjies en aantrek-
lik.
28 En so het hulle die sake van
die kerk gevestig; en so het hulle
begin om weer voortdurende
vrede te hê, nieteenstaande al hul
vervolginge.
29 En nou, vanweë die standvas-
tigheid van die kerk het hulle be-
gin om uitermate [a]ryk te word,
en het ′n oorvloed gehad van alle
dinge waaraan hulle ook al ′n be-
hoefte gehad het—′n oorvloed
van kleinvee en grootvee, en vet-
gemaakte vee van alle soorte, en
ook ′n oorvloed van graan, en van
goud, en van silwer, en van kos-
bare dinge, en ′n oorvloed van [b]sy
en fyngeweefde linne, en allerlei
soorte goeie eenvoudige materi-
aal.
30 En so, onder hul [a]voorspoe-
dige omstandighede, het hulle
niemand weggestuur wat [b]naak
was, of wat honger was, of wat
dors was, of wat siek was, of
wat nie gevoed was nie; en hulle
het nie hulle harte gerig op ryk-
domme nie; daarom was hulle
vrygewig teenoor almal, beide
oud en jonk, beide slaaf en vry,
beide manlik en vroulik, hetsy
buite die kerk of in die kerk, en
sonder [c]aansien van persoon wat
betref dié wat behoeftig was.
31 En so het hulle voorspoedig
geword en baie ryker geword as
dié wat nie behoort het aan hulle
kerk nie.
32 Want diegene wat nie be-
hoort het aan hulle kerk nie het

24 *b* Alma 46:7.
GS Afval.
25 *a* GS Geduld.
26 *a* Mosia 18:24, 26; 27:3–5.
*b* Mosia 4:27;
L&V 10:4.
27 *a* GS Aalmoes,
Aalmoese Gee.
*b* Lk. 18:22;
Mosia 4:26;
L&V 42:29–31.
29 *a* GS Rykdom.
*b* Alma 4:6.
30 *a* Jakob 2:17–19.
*b* GS Armes.
*c* Alma 16:14;
L&V 1:35.

deelgeneem aan towery, en aan [a]afgodery of [b]luiheid, en aan [c]onsinnige praatjies, en aan [d]nydigheid en onenigheid; en het kosbare kleding gedra; en was [e]verhef in die hoogmoed van hulle eie oë; hulle het vervolg, gelieg, gesteel, geroof, hoererye gepleeg, en gemoor, en allerlei booshede; nogtans, die wet is afgedwing op al diegene wat dit oortree het, in soverre dit moontlik was.

33 En dit het gebeur dat deur die wet sodoende op hulle toe te pas, en elke mens gely het volgens wat hy gedoen het, het hulle stiller geword, en het nie gedurf om enige boosheid te pleeg nie, uit vrees dat dit bekend sou word; daarom, daar was baie vrede onder die volk van Nefi tot die vyfde jaar van die heerskappy van die regters.

## HOOFSTUK 2

*Amliki streef daarna om koning te word en word deur die stem van die volk verwerp—Sy volgelinge maak hom koning—Die Amlikiete maak oorlog teen die Nefiete en word verslaan—Die Lamaniete en Amlikiete verenig hul magte en word verslaan—Alma dood Amliki. Ongeveer 87 v.C.*

En dit het gebeur aan die begin van die vyfde jaar van hulle heerskappy dat daar 'n twis begin ontstaan het onder die volk; want 'n sekere man, wat Amliki genoem is, en hy was 'n baie geslepe man, ja, 'n wyse man volgens die wysheid van die wêreld, en hy was 'n man volgens die orde van die man wat [a]Gídeon doodgeslaan het met die swaard, wat tereggestel is volgens die wet—

2 Nou het hierdie Amliki, deur sy geslepenheid, veel van die volk weggelok agter hom aan; en wel soveel dat hulle begin het om baie sterk te word; en hulle het begin om te poog om Amliki as koning aan te stel oor die volk.

3 Nou, dit was ontstellend vir die volk van die kerk, en ook vir al diegene wat nie weggelok is agter die oorredinge van Amliki nie; want hulle het geweet dat volgens hulle wet dat sulke dinge bevestig moes word deur die [a]stem van die volk.

4 Daarom, as dit moontlik was dat Amliki die stem van die volk kon wen, omdat hy 'n goddelose man was, sou hy hulle [a]ontneem van hul regte en voorregte van die kerk; want dit was sy voorneme om die kerk van God te vernietig.

5 En dit het gebeur dat die volk bymekaar gekom het dwarsdeur die hele land, elke man volgens sy denke; of dit vir of teen Amliki was, in afsonderlike groepe, terwyl hulle baie gestry en verbasingwekkende [a]onenighede gehad het die een met die ander.

32*a* GS Afgodery.
*b* GS Lui, Luiheid.
*c* GS Kwaadsprekery.
*d* GS Afguns.
*e* Jakob 2:13; Alma 31:25; Morm. 8:28. GS Hoogmoed.
**2** 1*a* Alma 1:8.
3*a* Mosia 29:25–27; Alma 4:16.
4*a* Alma 10:19; Hel. 5:2.
5*a* 3 Ne. 11:29.

6 En so het hulle bymekaar gekom om te stem aangaande die saak; en dit is voor die regters gelê.

7 En dit het gebeur dat die stem van die volk teen Amliki gekom het, sodat hy nie koning gemaak is oor die volk nie.

8 Nou, dit het baie vreugde veroorsaak in die harte van diegene wat teen hom was; maar Amliki het diegene wat hom ondersteun het opgestook tot toorn teen dié wat hom nie ondersteun het nie.

9 En dit het gebeur dat hulle bymekaar gekom het, en Amliki aangestel het om hul koning te wees.

10 Nou, toe Amliki koning gemaak is oor hulle, het hy hulle beveel dat hulle wapens moes opneem teen hul broers; en dit het hy gedoen sodat hy hulle aan hom kon onderwerp.

11 Nou was die volk van Amliki onderskei deur die naam van Amliki; en hulle is die [a]Amlikiete genoem, en die oorblywendes is die [b]Nefiete, of die volk van God genoem.

12 Daarom was die volk van die Nefiete bewus van die voorneme van die Amlikiete, en daarom het hulle voorberei om hulle te ontmoet; ja, hulle het hulself bewapen met swaarde, en met sabels, en met boë, en met pyle, en met klippe, en met slingers, en met allerhande [a]wapens van oorlog, van elke soort.

13 En dus was hulle voorbereid om die Amlikiete te ontmoet ten tye van hulle koms. En daar is kapteins aangestel, en hoër kapteins, en hoofkapteins, volgens hulle getalle.

14 En dit het gebeur dat Amliki sy manne bewapen het met allerhande wapens van oorlog van elke soort; en hy het ook heersers en leiers aangestel oor sy volk, om hulle te lei in die oorlog teen hulle broers.

15 En dit het gebeur dat die Amlikiete aangekom het op die heuwel Amnihu, wat oos was van die [a]Sidon-rivier, wat vloei langs die [b]land Zarahemla, en daar het hulle begin om oorlog te maak teen die Nefiete.

16 Nou het Alma, omdat hy die [a]hoofregter en goewerneur was van die volk van Nefi, daarom het hy opgegaan saam met sy volk, ja, met sy kapteins en hoofkapteins, ja, aan die hoof van sy leërs, teen die Amlikiete om te veg.

17 En hulle het begin om die Amlikiete te dood op die heuwel oos van Sidon. En die Amlikiete het geveg teen die Nefiete met groot krag, in soverre dat baie van die Nefiete geval het voor die Amlikiete.

18 Nogtans het die Here die hand van die Nefiete versterk, dat hulle die Amlikiete geslag het met ′n groot slagting, dat hulle begin vlug het voor hulle.

11*a* Alma 3:4.
*b* Jakob 1:13–14; Mosia 25:12; Alma 3:11.
12*a* Mosia 10:8; Hel. 1:14.
15*a* Alma 3:3.
*b* Omni 1:13–15.
16*a* Mosia 29:42.

19 En dit het gebeur dat die Ne-
fiete die Amlikiete agternagesit
het daardie hele dag, en hulle ge-
slag het met ′n groot slagting, in
soverre dat daar van die Amli-
kiete twaalfduisend vyfhonderd
twee en dertig siele [a]gedood is;
en daar is van die Nefiete sesdui-
send vyfhonderd twee en sestig
siele gedood.
20 En dit het gebeur dat toe
Alma die Amlikiete nie langer
kon agternasit nie, het hy sy volk
hul tente laat opslaan in die [a]val-
lei van Gídeon, en die vallei is
genoem na daardie Gídeon wat
met die swaard gedood is deur
die hand van [b]Nehor; en in dié
vallei het die Nefiete hulle tente
opgeslaan vir die nag.
21 En Alma het spioene gestuur
om die oorblyfsel van die Amli-
kiete te volg, sodat hy mag weet
van hulle planne en hulle same-
swerings, waardeur hy kon waak
teen hulle, sodat hy sy volk mag
bewaar teen vernietiging.
22 Nou, diegene wat hy uitge-
stuur het om die kamp van die
Amlikiete dop te hou is genoem
Zeram, en Amnor, en Manti, en
Limher; dit is hulle wat uitge-
gaan het met hulle manne om die
kamp van die Amlikiete dop te
hou.
23 En dit het gebeur dat hulle
die volgende dag teruggekeer
het na die kamp van die Nefiete
met groot haas, en hulle was baie
verbaas, en bevange met groot
vrees, en het gesê:
24 Kyk, ons het die [a]kamp van
die Amlikiete gevolg, en tot ons
groot verbasing, het ons in die
land Minon, bokant die land Za-
rahemla, op pad na die [b]land Nefi,
′n talryke leërskare van die La-
maniete gesien; en kyk, die Amli-
kiete het by hulle aangesluit;
25 En hulle val ons broers aan
in daardie land; en hulle vlug
voor hulle uit met hulle kuddes,
en hulle vroue, en hulle kinders,
na ons stad toe; en tensy ons gou
maak, sal hulle besit neem van ons
stad, en ons vaders, en ons vroue,
en ons kinders sal gedood word.
26 En dit het gebeur dat die volk
van Nefi hulle tente geneem het,
en vertrek het uit die vallei van
Gídeon na hulle stad toe, wat die
stad [a]Zarahemla was.
27 En kyk, terwyl hulle die
Sidon-rivier oorsteek, het die La-
maniete en die Amlikiete, wat
byna so [a]talryk was, as′t ware
soos die sand van die see, hulle
aangeval om hulle te vernietig.
28 Nogtans, die Nefiete was
[a]versterk deur die hand van die
Here, en hulle het kragtig gebid
tot Hom dat Hy hulle sou verlos
uit die hande van hulle vyande,
daarom het die Here hulle geroep
gehoor, en hulle versterk, en die
Lamaniete en die Amlikiete het
geval voor hulle.
29 En dit het gebeur dat Alma

19*a* Alma 3:1–2, 26; 4:2.
20*a* Alma 6:7.
*b* Alma 1:7–15; 14:16.
24*a* Alma 3:4, 13–18.
*b* 2 Ne. 5:8.
26*a* Omni 1:14, 18.
27*a* Jarom 1:6.
28*a* Deut. 31:6.

met Amliki geveg het met die swaard, van aangesig tot aangesig; en hulle het geweldig geveg, die een met die ander.

30 En dit het gebeur dat Alma, omdat hy 'n man van God was, en omdat hy deur veel [a]geloof gedryf is, uitgeroep, en gesê het: O Here, wees barmhartig en spaar my lewe, sodat ek 'n werktuig mag wees in u hande om hierdie volk te red en te bewaar.

31 Nou toe Alma hierdie woorde gesê het, het hy weer teen Amliki geveg; en hy is versterk, in so 'n mate dat hy Amliki gedood het met die swaard.

32 En hy het ook geveg met die koning van die Lamaniete; maar die koning van die Lamaniete het teruggevlug voor Alma uit en het sy wagte gestuur om teen Alma te veg.

33 Maar Alma, met sy wagte, het teen die wagte van die koning van die Lamaniete geveg totdat hy hulle verslaan en teruggedryf het.

34 En so het hy die grond opgeruim, of eerder die wal, wat aan die westekant van die Sidonrivier was, en die liggame van die Lamaniete wat gedood is, in die waters van Sidon gewerp, sodat sy volk daardeur plek mag hê om oor te steek en te veg met die Lamaniete en die Amlikiete aan die westekant van die Sidon-rivier.

35 En dit het gebeur dat toe hulle almal die Sidon-rivier oorgesteek het, het die Lamaniete en die Amlikiete voor hulle begin vlug, nieteenstaande hulle so talryk was dat hulle nie getel kon word nie.

36 En hulle het gevlug voor die Nefiete na die wildernis wat wes en noord was, weg, oorkant die grense van die land; en die Nefiete het hulle agtervolg met hulle mag, en hulle gedood.

37 Ja, hulle is teengegaan aan elke kant, en gedood en verdrywe, totdat hulle verstrooi was aan die westekant, en aan die noordekant, totdat hulle die wildernis bereik het, wat Hermounts genoem was; en dit was daardie deel van die wildernis wat vervuil was van wilde en vraatsugtige diere.

38 En dit het gebeur dat baie dood is in die wildernis aan hulle wonde, en is opgevreet deur daardie diere, en ook die aasvoëls van die lug; en hulle beendere is gevind, en is opgehoop op die aarde.

## HOOFSTUK 3

*Die Amlikiete het hulself gemerk volgens die profetiese woord—Die Lamaniete is vervloek weens hulle rebelsheid—Mense bring hulle eie vervloekinge op hulleself—Die Nefiete oorwin nog 'n Lamanitiese leër. Ongeveer 87–86 v.C.*

En dit het gebeur dat die Nefiete wat nie [a]gedood is deur die wapens van oorlog nie, nadat hulle diegene begrawe het wat gedood is—nou is die getal van die

30*a* GS Geloof, Glo.

**3** 1*a* Alma 2:19; 4:2.

gesneuweldes nie getel nie, van-
weë die grootheid van hulle ge-
tal—nadat hulle klaar hul dooies
begrawe het, het hulle almal te-
ruggekeer na hul landerye, en na
hul huise, en hul vroue, en hul
kinders.
2 Nou, baie vroue en kinders is
gedood deur die swaard, en ook
baie van hul kleinvee en groot-
vee; en ook baie van hul velde van
graan is vernietig, want hulle is
vertrap deur die leërskare van
manskappe.
3 En nou is soveel van die Lama-
niete en Amlikiete wat gedood is
op die wal van die Sidon-rivier,
in die [a]waters van Sidon gewerp;
en kyk, hulle beendere is in die
[b]dieptes van die see, en hulle is
baie.
4 En die [a]Amlikiete is onderskei
van die Nefiete, want hulle het
hulself [b]gemerk met rooi op hulle
voorhoofde, volgens die wyse
van die Lamaniete; nietemin het
hulle nie hul hoofde geskeer soos
die Lamaniete nie.
5 Nou, die hoofde van die La-
maniete was geskeer; en hulle
was [a]naak, behalwe vir vel wat
om hulle lendene gegord was, en
ook hulle wapenrusting, wat om
hulle gebind was, en hulle boë,
en hulle pyle, en hulle klippe, en
hulle slingers, ensovoorts.
6 En die velle van die Lamaniete
was donker, volgens die merk wat
geplaas is op hulle vaders, wat ′n
[a]vloek was op hulle vanweë hul
oortreding en hul rebellie teen hul
broers, wat bestaan het uit Nefi,
Jakob, en Josef, en Sam, wat reg-
verdige en heilige manne was.
7 En hul broers het gesoek om
hulle te vernietig, daarom is hulle
vervloek; en die Here God het ′n
[a]merk op hulle geplaas, ja, op La-
man en Lemuel, en ook die seuns
van Ismael, en Ismaelitiese vroue.
8 En dit is gedoen dat hulle saad
onderskei mag word van die saad
van hulle broers, dat die Here
God daardeur sy volk mag be-
waar, dat hulle nie [a]vermeng en
in onjuiste [b]oorleweringe glo nie,
wat hul vernietiging sou beteken.
9 En dit het gebeur dat wie ook
al sy saad vermeng het met dié
van die Lamaniete, het dieselfde
vloek op sy saad gebring.
10 Daarom, wie ook al hom laat
weglei het deur die Lamaniete, is
by daardie hoof genoem, en daar
is ′n merk op hom geplaas.
11 En dit het gebeur dat wie
ook al nie in die oorleweringe
van die Lamaniete wou glo nie,
maar daardie kronieke geglo het
wat gebring is uit die land Jerusa-
lem, en ook die [a]oorlewering van
hul vaders, wat juis was, wat ge-
glo het in die gebooie van God en
hulle onderhou het, is genoem die
Nefiete, of die volk van Nefi, van
daardie tyd af aan—

3*a* Alma 2:15.
*b* Alma 44:22.
4*a* Alma 2:11.
*b* Alma 3:13–19.
5*a* Enos 1:20; Mosia 10:8; Alma 42:18–21.
6*a* 2 Ne. 5:21; 26:33. GS Vloek, Vervloekings.
7*a* 1 Ne. 12:23.
8*a* GS Huwelik, Trou—Tussengeloofhuwelik.
*b* Mosia 10:11–18; Alma 9:16.
11*a* Alma 17:9–11.

12 En dit is hulle wat die kro-
nieke wat [a]waar is van hulle volk
bygehou het, en ook van die volk
van die Lamaniete.
13 Nou sal ons weer terugkeer
na die Amlikiete, want daar is
ook ′n [a]merk geplaas op hulle; ja,
hulle het die merk op hulleself ge-
plaas, ja, en wel ′n rooi merk op
hul voorhoofde.
14 So is die woord van God ver-
vul, want hierdie is die woorde
wat Hy gesê het aan Nefi: Kyk,
die Lamaniete het Ek vervloek,
en Ek sal ′n merk op hulle plaas
sodat hulle en hulle saad geskei
mag word van jou en jou saad,
van nou af en vir ewig, tensy
hulle bekeer van hul boosheid en
tot My [a]keer sodat Ek barmhartig-
heid kan hê jeens hulle.
15 En verder: Ek sal ′n merk op
hom plaas wat sy saad vermeng
met jou broers, sodat hulle ook
vervloek mag wees.
16 En verder: Ek sal ′n merk
plaas op hom wat veg teen jou
en teen jou saad.
17 En verder, Ek sê dat hy wat
van jou af weggaan, sal nie meer
jou saad genoem word nie; en
Ek sal jou seën, en wie ook al jou
saad genoem sal word, van nou
af en vir ewig; en dit was die be-
loftes van die Here teenoor Nefi
en aan sy saad.
18 Nou, die Amlikiete het nie
geweet dat hulle die woorde van
God vervul het toe hulle hulself
op hul voorhoofde begin merk het
nie; nogtans het hulle openlik [a]ge-
rebelleer teen God, daarom was
dit noodsaaklik dat die vloek op
hulle sou val.
19 Nou wil ek hê dat julle moet
sien dat hulle die [a]vloek oor hul-
self gebring het; en net so bring
elke man wat vervloek is sy eie
veroordeling oor homself.
20 Nou, dit het gebeur dat nie
baie dae na die slag wat in die
land Zarahemla geveg is deur
die Lamaniete en die Amlikiete
nie, het daar nog ′n leër van die
Lamaniete ingekom op die volk
van Nefi op [a]dieselfde plek waar
die eerste leër die Amlikiete ont-
moet het.
21 En dit het gebeur dat daar ′n
leër gestuur is om hulle te ver-
drywe uit hul land.
22 Nou het Alma self, omdat hy
′n [a]wond opgedoen het, nie hier-
die keer in die stryd opgegaan om
teen die Lamaniete te veg nie;
23 Maar hy het ′n talryke leër
teen hulle opgestuur; en hulle
het opgegaan en baie van die La-
maniete gedood, en die oorbly-
wendes van hulle verjaag uit die
grense van hulle land.
24 En toe het hulle weer terug-
gekeer en begin om vrede te ves-
tig in die land, en hulle was vir ′n
tydlank nie meer gepla deur hulle
vyande nie.
25 Nou, al hierdie dinge is ge-
doen, ja, al hierdie oorloë en

12*a* Mosia 1:6; Ether 4:6–11.
13*a* Alma 3:4.
14*a* 2 Ne. 30:4–6.
18*a* 4 Ne. 1:38. GS Rebellie.
19*a* 2 Ne. 5:21–25; Alma 17:15.
20*a* Alma 2:24.
22*a* Alma 2:29–33.

twiste is begin en beëindig in die
vyfde jaar van die heerskappy
van die regters.
26 En in een jaar is duisende
en tienduisende siele gestuur
na die ewige wêreld, sodat hulle
hul [a]loon mag maai volgens hul
werke, of hulle goed of hulle sleg
was, om ewige geluk te maai of
ewige ellende, volgens die gees
wat hulle gekies het om te gehoorsaam,
of dit 'n goeie gees was
of 'n bose een.
27 Want elke mens ontvang
[a]lone van hom wat hy kies om te
[b]gehoorsaam, en dit volgens die
woorde van die gees van profesie;
daarom, laat dit wees volgens die
waarheid. En so eindig die vyfde
jaar van die heerskappy van die
regters.

## HOOFSTUK 4

*Alma doop duisende bekeerlinge—Ongeregtigheid kom die Kerk binne, en die Kerk se vooruitgang word belemmer—Nefiha word aangestel as hoofregter—Alma, as hoëpriester, wy homself toe tot die bediening. Ongeveer 86–83 v.C.*

Nou, dit het gebeur in die sesde
jaar van die heerskappy van die
regters oor die volk van Nefi, was
daar geen twiste nóg oorloë in die
[a]land Zarahemla.
2 Maar die volk was gekwel,
ja, grootliks gekwel vanweë die
[a]verlies van hulle broers, en ook
oor die verlies van hulle kleinvee
en grootvee, en ook oor die verlies
van hulle landerye van graan, wat
vertrap is onder die voete van die
Lamaniete en vernietig is.
3 En so groot was hulle verdrukkinge
dat elke siel rede gehad
het om te treur; en hulle het
geglo dat dit die oordele van God
was wat gestuur is oor hulle vanweë
hulle boosheid en hulle gruwels;
daarom is hulle opgewek
tot 'n herinnering van hulle plig.
4 En hulle het begin om die kerk
meer volledig te vestig; ja, en baie
is [a]gedoop in die waters van Sidon
en is toegevoeg tot die kerk
van God; ja, hulle is gedoop deur
die hand van Alma, wat geordineer
was as die [b]hoëpriester oor
die volk van die kerk, deur die
hand van sy vader Alma.
5 En dit het gebeur in die sewende
jaar van die heerskappy
van die regters dat daar omtrent
drieduisend vyfhonderd siele
was wat hulleself verenig het met
die [a]kerk van God en gedoop is.
En so het die sewende jaar van
die heerskappy van die regters
oor die volk van Nefi geëindig;
en daar was voortdurende vrede
in al daardie tyd.
6 En dit het gebeur in die agtste
jaar van die heerskappy van
die regters, dat die volk van die
kerk hoogmoedig begin word het,

26*a* GS Werke.
27*a* Mosia 2:31–33; Alma 5:41–42.
*b* Rom. 6:16; Hel. 14:29–31. GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
**4** 1*a* Omni 1:12–19.
2*a* Alma 2:19; 3:1–2, 26.
4*a* Mosia 18:10–17.
*b* Mosia 29:42.
5*a* Mosia 25:18–23; 3 Ne. 26:21.

vanweë hulle uitermate [a]rykdom, en hulle [b]fyn sy, en hulle fyngeweefde linne, en vanweë hulle baie kleinvee en grootvee, en hulle goud en hulle silwer, en allerlei kosbare dinge, wat hulle verkry het deur hul vlyt; en in al hierdie dinge is hulle verhef in die hoogmoed van hulle oë, want hulle het begin om baie kosbare kleding te dra.

7 Nou was dit die oorsaak van baie kwellinge vir Alma, ja, en vir baie van die mense vir wie Alma [a]geordineer het om leraars, en priesters, en ouderlinge oor die kerk te wees; ja, baie van hulle was diep bedroef oor die boosheid wat hulle gesien begin ontstaan het onder hulle volk.

8 Want hulle het gesien en met groot smart aanskou dat die volk van die kerk begin het om verhef te word in die [a]hoogmoed van hulle oë, en om hulle harte te rig op rykdom, en op die ydele dinge van die wêreld, sodat hulle minagtend geword het, die een teenoor die ander, en hulle het begin om diegene te vervolg wat [b]nie geglo het volgens hulle eie wil en behae nie.

9 En so, in hierdie agtste jaar van die heerskappy van die regters, het daar groot [a]twiste begin ontstaan onder die volk van die kerk; ja, daar was [b]naywer, en oneenigheid, en kwaadwilligheid, en vervolginge, en hoogmoed, en selfs om die hoogmoed te oortref van diegene wat nie aan die kerk van God behoort het nie.

10 En so het die agtste jaar van die heerskappy van die regters geëindig; en die boosheid van die kerk was 'n groot struikelblok vir diegene wat nie behoort het aan die kerk nie; en so het die kerk begin faal in sy vordering.

11 En dit het gebeur aan die begin van die negende jaar het Alma die boosheid van die kerk gesien, en hy het ook gesien dat die [a]voorbeeld van die kerk begin het om diegene wat ongelowiges was, van een ongeregtigheid te lei na 'n ander, en sodoende die vernietiging van die volk meegebring het.

12 Ja, hy het groot ongelykheid gesien onder die volk; sommige wat hulleself verhef het in hul hoogmoed, en ander verag, en hul rûe keer op die [a]behoeftiges en die naaktes en diegene wat [b]honger was, en diegene wat dors was, en diegene wat siek en gekwel was.

13 Nou was dit 'n groot oorsaak van geklaag onder die volk, terwyl ander hulle verootmoedig het, en diegene bygestaan het wat hul bystand nodig gehad het, soos om hulle besittings te [a]deel met die armes en behoeftiges, die hongeres te voed, en allerlei

6*a* GS Rykdom.
*b* Alma 1:29.
7*a* GS Gesag.
8*a* GS Hoogmoed; Ydel, Ydelheid.
*b* Alma 1:21.
9*a* GS Twis.
*b* GS Afguns.
11*a* 2 Sam. 12:14; Alma 39:11.
12*a* Jes. 3:14; Jakob 2:17.
*b* Mosia 4:26.
13*a* GS Aalmoes, Aalmoese Gee.

[b]verdrukkinge te ly, om Christus [c]ontwil, wat sou kom volgens die gees van profesie;

14 Hulle het vooruitgesien na daardie dag, en sodoende vergifnis van hulle sondes [a]behou; en hulle was vervul met groot [b]vreugde vanweë die opstanding van die dode, volgens die wil en krag en verlossing van Jesus Christus van die bande van die dood.

15 En nou, dit het gebeur dat Alma, omdat hy die verdrukkinge gesien het van die nederige volgelinge van God, en die vervolginge wat op hulle gelê is deur die oorblywendes van sy volk, en omdat hy al hulle [a]ongelykheid gesien het, begin het om baie bedroef te word; nietemin het die Gees van die Here hom nie gefaal nie.

16 En hy het ′n wyse man gekies wat onder die ouderlinge van die kerk was, en hom mag gegee volgens die [a]stem van die volk, dat hy mag kon hê om [b]wette te maak, volgens die wette wat gegee was, en hulle uit te voer volgens die boosheid en die misdade van die volk.

17 Nou, hierdie man se naam was Nefiha, en hy is aangestel as [a]hoofregter, en hy het in die regterstoel gesit om te oordeel en die volk te regeer.

18 Nou het Alma nie aan hom die amp van hoëpriester oor die kerk gegee nie, maar hy het die amp van hoëpriester behou vir homself; maar hy het die regterstoel aan Nefiha gegee.

19 En dit het hy gedoen dat [a]hy onder sy volk mag uitgaan, of onder die volk van Nefi, dat hy die [b]woord van God aan hulle mag preek, om hulle [c]aan te spoor tot [d]herinnering van hulle plig, en dat hy deur die woord van God, al die hoogmoed en listigheid en al die twiste wat onder sy volk was, kon beeïndig, aangesien hy geen manier gesien het om hulle te herwin anders as om met suiwere [e]getuienis teen hulle neer te kom nie.

20 En so aan die begin van die negende jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi, het Alma die regterstoel oorgegee aan [a]Nefiha, en homself heeltemal gewy aan die [b]hoëpriesterskap van die heilige orde van God, tot die getuienis van die woord, volgens die gees van openbaring en profesie.

---

Die woorde wat Alma, die Hoëpriester volgens die heilige orde van God, aan die volk verkondig het in hulle stede en gehugte dwarsdeur die land.

---

13 *b* GS Teenstand.
*c* 2 Kor. 12:10.
14 *a* Mosia 4:12; Alma 5:26–35. GS Regverdigmaking, Regverdig.
*b* GS Vreugde.
15 *a* L&V 38:27; 49:20.
16 *a* Alma 2:3–7.
*b* Alma 1:1, 14, 18.
17 *a* Alma 50:37.
19 *a* Alma 7:1.
*b* Alma 31:5; L&V 11:21–22.
*c* Enos 1:23.
*d* Mosia 1:17; Hel. 12:3.
*e* GS Getuienis.
20 *a* Alma 8:12.
*b* Mosia 29:42; Alma 5:3, 44, 49.

*Beginnende met hoofstuk 5.*

## HOOFSTUK 5

*Om heil te ontvang, moet mense bekeer en die gebooie onderhou, wedergebore word, hulle kleding reinig deur die bloed van Christus, nederig wees en hulleself stroop van hoogmoed en afguns, en die werke van regverdigheid doen—Die Goeie Herder roep sy volk—Diegene wat bose dade doen, is kinders van die duiwel—Alma getuig van die waarheid van sy leerstelling en beveel mense om te bekeer—Die name van die regverdiges sal geskryf word in die boek van die lewe. Ongeveer 83 v.C.*

Nou dit het gebeur dat Alma be-
gin het om die woord van [a]God
te [b]verkondig aan die volk, eers in
die land Zarahemla, en daarvan-
daan dwarsdeur die hele land.
2 En dit is die woorde wat hy
gespreek het met die volk in die
kerk wat gevestig was in die stad
Zarahemla, volgens sy eie kro-
niek, wat sê:
3 Ek, Alma, wat [a]geordineer is
deur my vader Alma, om ’n [b]ho-
ëpriester te wees oor die kerk van
God, omdat hy mag en [c]gesag ge-
had het van God om hierdie dinge
te doen, kyk, ek sê vir julle dat
hy begin het om ’n kerk te vestig
in die [d]land wat binne die grense
was van Nefi; ja, die land wat die
land Mormon genoem is; ja, en hy
het sy broers gedoop in die waters
van Mormon.
4 En kyk, ek sê vir julle, hulle is
[a]verlos uit die hande van die volk
van koning Noag, deur die barm-
hartigheid en krag van God.
5 En kyk, daarna is hulle in [a]sla-
werny gebring deur die hande
van die Lamaniete in die wilder-
nis; ja, ek sê vir julle, hulle was in
[b]slawerny, en weer het die Here
hulle uit slawerny verlos deur die
krag van sy woord; en ons is in
hierdie land ingebring, en hier het
ons begin om die kerk van God te
vestig, dwarsdeur hierdie land.
6 En nou kyk, ek sê vir julle,
my broers, julle wat aan hier-
die kerk behoort, het julle die
gevangenskap van julle vaders
voldoende in herinnering gehou?
Ja, en het julle voldoende in her-
innering gehou sy barmhartig-
heid en lankmoedigheid teenoor
hulle? En weer eens, het julle vol-
doende in herinnering gehou dat
Hy hulle siele verlos het van die
hel?
7 Kyk, Hy het hulle harte ver-
ander; ja, Hy het hulle gewek uit
’n diepe slaap, en hulle het ont-
waak tot God. Kyk, hulle was
in die midde van die duisternis;
nogtans, hulle siele was verlig
deur die lig van die ewigdurende
woord; ja, hulle is omknel deur
die [a]bande van die dood, en die

**5** 1*a* Alma 5:61.
*b* Alma 4:19.
3*a* GS Ordineer, Ordinering.
*b* Alma 4:4, 18, 20.
*c* Mosia 18:13; 3 Ne. 11:25.
*d* Mosia 18:4; 3 Ne. 5:12.
4*a* Mosia 23:1–3.
5*a* Mosia 23:37–39; 24:8–15.
*b* Mosia 24:17.
7*a* Mosia 15:8.

[b]kettings van die hel, en ′n ewigdurende verderf het gewag op hulle.

8 En nou vra ek vir julle, my broers, is hulle vernietig? Kyk, ek sê vir julle, Nee, hulle is nie.

9 En weer vra ek, is die bande van die dood verbreek, en die kettings van die hel wat hulle omring het, is hulle losgemaak? Ek sê vir julle, Ja, hulle is losgemaak, en hulle siele het geswel, en hulle het verlossende liefde gesing. En ek sê vir julle dat hulle gered is.

10 En nou vra ek vir julle op watter voorwaardes is hulle [a]verlos? Ja, watter gronde het hulle gehad om te hoop op heil? Wat is die rede dat hulle losgemaak is van die bande van die dood, ja, en ook die kettings van die hel?

11 Kyk, ek kan julle sê—het my vader Alma nie geglo in die woorde wat deur die mond van [a]Abinadi gespreek is nie? En was hy nie ′n heilige profeet nie? Het hy nie die woorde van God gespreek nie, en my vader Alma hulle nie geglo nie?

12 En volgens sy geloof is daar ′n diepgaande [a]verandering in sy hart teweeggebring. Kyk, ek sê vir julle dat dit alles waar is.

13 En kyk, hy het die woord aan julle vaders [a]gepreek, en ′n diepgaande verandering is ook in hulle harte teweeggebring, en hulle het hulself verootmoedig en hulle [b]vertroue gestel in die ware en [c]lewende God. En kyk, hulle was getrou tot die [d]einde; daarom is hulle gered.

14 En nou kyk, ek vra vir julle, my broers van die kerk, is julle geestelik uit God [a]gebore? Het julle sy beeld ontvang op julle aangesigte? Het julle hierdie geweldige [b]verandering ondervind in julle harte?

15 Beoefen julle geloof in die verlossing van Hom wat julle [a]geskape het? Kyk julle vorentoe met ′n oog van geloof, en beskou hierdie sterflike liggaam wat in onsterflikheid [b]opgewek word, en hierdie verganklikheid wat in onverganklikheid opgewek word, om te staan voor God om [c]geoordeel te word volgens die dade wat gepleeg is in die sterflike liggaam?

16 Ek sê vir julle, kan julle jul verbeel dat julle die stem van die Here hoor, wat vir julle op daardie dag sê: Kom na My toe julle [a]geseëndes, want kyk, julle werke was die werke van regverdigheid op die aangesig van die aarde?

17 Of verbeel julle vir julleself dat julle vir die Here kan lieg op daardie dag, en [a]sê—Here, ons werke was regverdige werke op

7 *b* Alma 12:11; L&V 138:23.
10 *a* GS Heil; Plan van Verlossing.
11 *a* Mosia 17:1–4.
12 *a* GS Bekeer, Bekering.
13 *a* Mosia 18:7.
*b* GS Vertrou.
*c* Morm. 9:28; L&V 20:19.
*d* GS Volhard.
14 *a* Mosia 27:24–27; Alma 22:15. GS Wedergebore, Gebore uit God.
*b* Rom. 8:11–17; Mosia 5:2; Moses 6:65. GS Bekeer, Bekering.
15 *a* GS Skep, Skepping.
*b* GS Opstanding.
*c* GS Oordeel, Die Laaste.
16 *a* Matt. 25:31–46.
17 *a* 3 Ne. 14:21–23.

die aangesig van die aarde—en dat Hy julle sal red?

18 Of anders, kan julle julself verbeel hoe julle voor die regterstoel van God gebring word met julle siele gevul met skuld en berou, terwyl julle al julle skuld in [a]herinnering hou, ja, 'n volkome herinnering het van al julle boosheid, ja, 'n herinnering dat julle die gebooie van God verontagsaam het?

19 Ek sê vir julle, kan julle op daardie dag opkyk na God met 'n suiwer hart en rein hande? Ek sê vir julle, kan julle opkyk, met die [a]beeld van God gegraveer op julle aangesigte?

20 Ek sê vir julle, kan julle dink om gered te word as julle julself oorgegee het om [a]onderdane te word van die duiwel?

21 Ek sê vir julle, julle sal op daardie dag weet dat julle nie [a]gered kan word nie; want daar kan geen mens gered word behalwe as sy [b]kleding wit gewas is nie; ja, sy kleding moet [c]gereinig word totdat dit gesuiwer is van alle vlekke, deur die bloed van Hom van wie dit gespreek is deur ons vaders, wat sal kom om sy volk van hulle sondes te verlos.

22 En nou vra ek vir julle, my broers, hoe sal enigeen van julle voel, as julle voor die regbank van God sal staan, met julle kleding bevlek met [a]bloed en alle soorte [b]vieslikheid? Kyk, wat sal hierdie dinge getuig teen julle?

23 Kyk, sal hulle nie [a]getuig dat julle moordenaars is, ja, en ook dat julle skuldig is aan allerlei booshede nie?

24 Kyk, my broers, veronderstel julle dat so een 'n plek kan hê om te gaan sit in die koninkryk van God, met [a]Abraham, met Isak, en met Jakob, en ook al die heilige profete, wie se kleding gereinig is, en vlekkeloos, suiwer en wit is?

25 Ek sê vir julle, Nee; tensy julle ons Skepper 'n leuenaar van die begin af maak, of veronderstel dat Hy 'n leuenaar is van die begin af, julle kan nie veronderstel dat sulkes plek kan hê in die koninkryk van die hemel nie; maar hulle sal uitgewerp word, want hulle is die [a]kinders van die koninkryk van die duiwel.

26 En nou kyk, ek sê vir julle, my broers, as julle 'n [a]verandering van hart ondergaan het, en as julle gevoel het om die [b]lied te sing van verlossende liefde, sal ek vra, [c]kan julle nou so voel?

27 Het julle gewandel, en julself [a]onberispelik voor God gehou? Kon julle sê, as julle geroep sou word om te sterwe in hierdie tyd, in julleself, dat julle voldoende

---

18 *a* Eség. 20:43; 2 Ne. 9:14; Mosia 3:25; Alma 11:43.
19 *a* 1 Joh. 3:1–3.
20 *a* Mosia 2:32.
21 *a* GS Heil.
*b* 1 Ne. 12:10; Alma 13:11–13; 3 Ne. 27:19–20.
*c* GS Suiwer, Suiwerheid.
22 *a* Jes. 59:3.
*b* GS Vieslik, Vieslikheid.
23 *a* Jes. 59:12.
24 *a* Lk. 13:28.
25 *a* 2 Ne. 9:9.
26 *a* GS Bekeer, Bekering.
*b* Alma 26:13.
*c* Mosia 4:12; L&V 20:31–34.
27 *a* GS Regverdigmaking, Regverdig.

[b]nederig was? Dat julle kleding gereinig is en wit gemaak is deur die bloed van Christus, wat sal kom om sy volk te [c]verlos van hulle sondes?

28 Kyk, is julle gestroop van [a]hoogmoed? Ek sê vir julle, as julle nie is nie, is julle nie voorberei om God te ontmoet nie. Kyk, julle moet gou voorberei; want die koninkryk van die hemel is spoedig op hande, en so een het nie die ewige lewe nie.

29 Kyk, ek sê, is daar een onder julle wat nie gestroop is van [a]afguns nie? Ek sê vir julle dat so een nie voorbereid is nie; en ek wil hê dat hy gou moet voorberei, want die uur is dig op hande, en hy weet nie wanneer die tyd sal kom nie; want so een word nie skuldeloos bevind nie.

30 En verder sê ek aan julle, is daar een onder julle wat sy broer [a]bespot, of wat vervolginge ophoop op hom?

31 Wee so een, want hy is nie voorbereid nie, en die tyd is op hande dat hy moet bekeer, of hy kan nie gered word nie!

32 Ja, en wel, wee al julle [a]werkers van ongeregtigheid; bekeer, bekeer, want die Here God het dit gespreek!

33 Kyk, Hy stuur ′n uitnodiging aan [a]alle mense, want die [b]arms van barmhartigheid word na hulle uitgestrek, en Hy sê: Bekeer, en Ek sal julle ontvang.

34 Ja, Hy sê: [a]Kom na my, en julle sal eet van die [b]vrugte van die boom van die lewe; ja, julle sal [c]vryelik eet en drink van die [d]brood en die waters van die lewe.

35 Ja, kom na my en bring voort werke van regverdigheid, en julle sal nie afgekap en in die vuur gewerp word nie—

36 Want kyk, die tyd is op hande dat wie ook al nie goeie vrugte [a]voortbring nie, of wie ook al nie die werke van regverdigheid doen nie, het rede om te ween en te treur.

37 O julle werkers van ongeregtigheid; julle wat opgeblase is met die [a]ydele dinge van die wêreld, julle wat voorgegee het om die weë van regverdigheid te ken, nogtans [b]afgedwaal het, soos [c]skape wat nie ′n herder het nie, alhoewel ′n herder agter julle [d]aangeroep het, en steeds agter julle aanroep, maar julle wil nie [e]ag slaan op sy stem nie!

38 Kyk, ek sê vir julle, dat die goeie [a]herder julle tog roep; ja, en in sy eie Naam roep Hy julle, wat

---

27 *b* GS Nederig, Nederigheid.
*c* GS Verlos, Verlossing.
28 *a* GS Hoogmoed.
29 *a* GS Afguns.
30 *a* GS Kwaadsprekery.
32 *a* Ps. 5:5.
33 *a* Alma 19:36; 3 Ne. 18:25.
*b* Jakob 6:5; 3 Ne. 9:14.
34 *a* 2 Ne. 26:24–28; 3 Ne. 9:13–14.
*b* 1 Ne. 8:11; 15:36.
*c* 2 Ne. 9:50–51; Alma 42:27.
*d* GS Brood van die Lewe.
36 *a* Matt. 3:10; 7:15–20; 3 Ne. 14:19; L&V 97:7.
37 *a* GS Ydel, Ydelheid.
*b* 2 Ne. 12:5; 28:14; Mosia 14:6.
*c* Matt. 9:36.
*d* Spr. 1:24–27; Jes. 65:12.
*e* Jer. 26:4–5; Alma 10:6.
38 *a* GS Goeie Herder.

die Naam van Christus is; en as julle nie [b]sal ag slaan op die stem van die [c]goeie herder nie, na die [d]naam waarby julle geroep word nie, kyk, julle is nie die skape van die goeie herder nie.
39 En nou as julle nie die skape van die goeie herder is nie, van watter [a]kudde is julle? Kyk, ek sê vir julle, dat die [b]duiwel julle herder is, en julle is van sy kudde; en nou, wie kan dit ontken? Kyk, ek sê vir julle, wie ook al dit ontken, is ′n [c]leuenaar en ′n [d]kind van die duiwel.
40 Want ek sê vir julle dat wat ook al [a]goed is, kom van God, en wat ook al boos is, kom van die duiwel.
41 Daarom, as ′n man [a]goeie werke voortbring, slaan hy ag op die stem van die goeie herder, en hy volg Hom; maar wie ook al bose werke voortbring, word ′n [b]kind van die duiwel, want hy slaan ag op sy stem, en volg hom.
42 En wie ook al dit doen, moet sy [a]loon van hom ontvang; daarom, as sy [b]loon ontvang hy die [c]dood, wat betref die dinge van regverdigheid, aangesien hy dood is vir alle goeie werke.
43 En nou, my broers, ek wil hê dat julle my moet hoor, want ek spreek uit die krag van my siel; want kyk, ek het duidelik met julle gespreek sodat julle nie kan misverstaan nie, of gespreek volgens die gebooie van God.
44 Want ek is geroepe om op hierdie wyse te spreek, volgens die [a]heilige orde van God, wat in Christus Jesus is; ja, ek word beveel om te staan en te getuig aan hierdie volk die dinge wat gespreek is deur ons vaders, aangaande die dinge wat moet kom.
45 En dit is nie al nie. Veronderstel julle nie dat ek ook self hierdie dinge [a]weet nie? Kyk, ek getuig aan julle dat ek wel weet dat hierdie dinge waarvan ek gespreek het, waar is. En hoe veronderstel julle dat ek weet van hulle sekerheid?
46 Kyk, ek sê vir julle dat hulle [a]bekend gemaak word aan my deur die Heilige Gees van God. Kyk, ek het baie dae [b]gevas en gebid dat ek hierdie dinge vir myself mag weet. En nou weet ek vir myself dat hulle waar is; want die Here God het hulle bekend gemaak aan my deur sy Heilige Gees; en dit is die gees van [c]openbaring wat in my is.
47 En daarby sê ek aan julle, dat dit aldus aan my geopenbaar is, dat die woorde wat deur ons vaders gespreek is, waar is, net so

38 *b* Lev. 26:14–20; L&V 101:7.
*c* 3 Ne. 15:24; 18:31.
*d* Mosia 5:8; Alma 34:38.
39 *a* Matt. 6:24; Lk. 16:13.
*b* Mosia 5:10. GS Duiwel.
*c* 1 Joh. 2:22.
*d* 2 Ne. 9:9.
40 *a* Omni 1:25; Ether 4:12; Moro. 7:12, 15–17.
41 *a* 3 Ne. 14:16–20. GS Werke.
*b* Mosia 16:3–5; Alma 11:23.
42 *a* Alma 3:26–27; L&V 29:45.
*b* Rom. 6:23.
*c* Hel. 14:16–18. GS Dood, Geestelike.
44 *a* Alma 13:6.
45 *a* GS Getuienis.
46 *a* 1 Kor. 2:9–16.
*b* GS Vas.
*c* GS Openbaring.

volgens die gees van profesie wat
in my is, wat ook deur die open-
baring van die Gees van God is.
48 Ek sê vir julle dat ek vir my-
self weet, dat wat ek ook al aan
julle sal sê, aangaande dit wat
moet kom, waar is; en ek sê vir
julle, dat ek weet dat Jesus Chris-
tus sal kom, ja, die Seun, die
Eniggeborene van die Vader, vol
genade, en barmhartigheid, en
waarheid. En kyk, dit is Hy wat
kom om die sondes van die wê-
reld weg te neem, ja, die sondes
van elke mens wat standvastig
glo in sy Naam.
49 En nou sê ek aan julle dat dit
die [a]orde is waarvolgens ek ge-
roep is, ja, om te preek vir my
geliefde broers, ja, en elkeen wat
woon in die land; ja, om vir al-
mal te preek, beide oud en jonk,
beide gebonde en vry; ja, ek sê vir
julle die oues, en ook die middel-
jariges, en die opkomende geslag;
ja, om tot hulle te roep dat hulle
hul moet bekeer en [b]wedergebore
word.
50 Ja, so sê die Gees: Bekeer, al
julle eindes van die aarde, want
die koninkryk van die hemel is
spoedig op hande; ja, die Seun
van God kom in sy [a]heerlik-
heid, in sy mag, majesteit, krag
en heerskappy. Ja, my geliefde
broers, ek sê vir julle, dat die Gees
sê: Aanskou die heerlikheid van
die [b]Koning van die hele aarde; en
ook die Koning van die hemel sal
binnekort sy lig laat skyn onder
al die kinders van mense.
51 En ook sê die Gees aan my, ja,
roep tot my met ʼn magtige stem,
en sê: Gaan uit en sê vir hierdie
volk—Bekeer, want tensy julle
bekeer, kan julle geensins die ko-
ninkryk van die [a]hemel beërwe
nie.
52 En verder sê ek aan julle,
die Gees sê: Kyk, die [a]byl word
aan die wortel van die boom
gelê; daarom sal elke boom wat
nie goeie vrugte voortbring nie,
[b]afgekap en in die vuur gewerp
word, ja, ʼn vuur wat nie verteer
kan word nie, en wel ʼn onblus-
bare vuur. Kyk, en onthou, die
Heilige Een het dit gespreek.
53 En nou, my geliefde broers,
ek sê vir julle, kan julle hierdie
woorde weerstaan; ja, kan julle
hierdie dinge tersyde lê, en die
Heilige Een [a]vertrap onder julle
voete; ja, kan julle opgeblase wees
in die [b]hoogmoed van julle harte;
ja, sal julle nog aanhou met die
dra van [c]kosbare kleding, en julle
harte rig op die ydele dinge van
die wêreld, op julle [d]rykdom?
54 Ja, sal julle aanhou om te

49*a* GS Priesterskap; Roep, Geroepe van God, Roeping.
*b* GS Wedergebore, Gebore uit God.
50*a* GS Heerlikheid; Tweede Koms van Jesus Christus.
*b* Ps. 24; Matt. 2:2; Lk. 23:2; 2 Ne. 10:14; L&V 38:21–22; 128:22–23; Moses 7:53. GS Jesus Christus; Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
51*a* GS Hemel.
52*a* Lk. 3:9; L&V 97:7.
*b* Jakob 5:46; 6:7; 3 Ne. 27:11–12.
53*a* 1 Ne. 19:7.
*b* GS Hoogmoed.
*c* 2 Ne. 28:11–14; Morm. 8:36–39.
*d* Ps. 62:11; L&V 56:16–18.

veronderstel dat julle beter is, die een as die ander; ja, sal julle aanhou met die vervolging van julle broers, wat hulself verootmoedig en wandel volgens die heilige orde van God, waardeur hulle ingebring is in hierdie kerk, en hulle is [a]geheilig deur die Heilige Gees, en hulle bring vrugte voort wat pas by bekering—
55 Ja, en sal julle aanhou om julle rûe te keer op die [a]armes, en die behoeftiges, en om julle besittings terug te hou van hulle?
56 En eindelik, julle almal wat sal aanhou met julle boosheid, ek sê vir julle dat dit hulle is wat afgekap en in die vuur gewerp sal word tensy hulle spoedig bekeer.
57 En nou sê ek aan julle, julle almal wat begerig is om die stem van die [a]goeie herder te volg, kom julle uit onder die bose, en [b]sonder julle af, en raak nie hulle onreine dinge aan nie; en kyk, hulle name sal [c]uitgewis word, dat die name van die bose nie gereken sal word onder die name van die regverdiges nie, sodat die woord van God vervul mag word, wat sê: Die name van die bose sal nie gereken word met die name van my volk nie;
58 Want die name van die regverdiges sal geskrywe word in die [a]boek van die lewe, en aan hulle sal Ek ′n erfenis gee aan my regterhand. En nou, my broers, wat het julle hierteen te sê? Ek sê vir julle, as julle daarteen spreek, maak dit nie saak nie, want die woord van God moet vervul word.
59 Want watter herder is daar onder julle wat baie skape het, en hy waak nie oor hulle, sodat die wolwe nie binnekom en sy kudde verslind nie? En kyk, as ′n wolf onder sy kudde binnekom, jaag hy hom nie uit nie? Ja, en eindelik as hy kan, sal hy hom vernietig.
60 En nou sê ek aan julle, dat die goeie herder julle aanroep; en as julle sal ag slaan op sy stem, sal Hy julle inbring in sy kudde, en julle is sy skape; en Hy gebied julle dat julle geen bloeddorstige wolf toelaat om onder julle in te kom nie, sodat julle nie vernietig mag word nie.
61 En nou ek, Alma, beveel julle in die taal van [a]Hom wat my gebied het, dat julle sorg om die woorde te onderhou wat ek met julle gespreek het.
62 Ek spreek by wyse van bevel met julle wat aan die kerk behoort; en met diegene wat nie behoort aan die kerk nie, spreek ek by wyse van uitnodiging, en sê: Kom en word gedoop tot bekering, sodat julle ook deelgenote mag wees van die vrug van die [a]boom van die lewe.

54*a* GS Heiligmaking.
55*a* Ps. 109:15–16; Jakob 2:17; Hel. 6:39–40.
57*a* GS Goeie Herder.
*b* Esra 6:21; 9:1; Neh. 9:2; 2 Thes. 3:6; L&V 133:5, 14.
*c* Deut. 29:20; Moro. 6:7; L&V 20:8.
58*a* GS Boek van die Lewe.
61*a* Alma 5:44.
62*a* 1 Ne. 8:10; 11:21–23.

## HOOFSTUK 6

*Die Kerk in Zarahemla word gereinig en in orde gebring—Alma gaan na Gídeon om te preek. Ongeveer 83 v.C.*

En nou, dit het gebeur dat nadat
Alma 'n einde gemaak het om met
die volk van die kerk te spreek,
wat gevestig was in die stad Zarahemla,
het hy priesters en [a]ouderlinge
[b]geordineer, deur sy [c]hande
op te lê volgens die orde van God,
om te presideer en te [d]waak oor
die kerk.
2 En dit het gebeur dat wie ook
al nie aan die kerk behoort het nie
wat bekeer het van hulle sondes,
[a]gedoop is tot bekering en opgeneem
is in die kerk.
3 En dit het ook gebeur dat
wie ook al behoort het aan die
kerk wat nie [a]bekeer het van hul
boosheid en hulle voor God verootmoedig
het nie—ek bedoel
diegene wat verhef was in die
[b]hoogmoed van hulle harte—
hulle is verwerp, en hulle name
is [c]uitgewis, sodat hulle name nie
gereken was onder dié van die
regverdiges nie.
4 En so het hulle begin om die
orde te vestig van die kerk in die
stad Zarahemla.
5 Nou wil ek hê dat julle moet
verstaan dat die woord van God
vry was aan almal, sodat niemand
ontneem is van die voorreg om
bymekaar te kom om die woord
van God aan te hoor nie.
6 Nieteenstaande is die kinders
van God beveel dat hulle dikwels
bymekaar moes kom, en verenig
in [a]vas en kragtige gebed ten behoewe
van die welsyn van die
siele van diegene wat nie vir God
geken het nie.
7 En nou, dit het gebeur dat
toe Alma hierdie verordeninge
gemaak het, het hy vertrek van
hulle, ja, van die kerk wat in die
stad Zarahemla was, en het oorgegaan
na die oostekant van die
Sidon-rivier, in die [a]vallei van
Gídeon, en daar was 'n stad gebou,
wat die stad Gídeon genoem
is, wat in die vallei was wat Gídeon
genoem is, wat genoem is na
die man wat [b]gedood is deur die
hand van Nehor met die swaard.
8 En Alma het gegaan en begin
om die woord van God te verkondig
aan die kerk wat gevestig
was in die vallei van Gídeon,
volgens die openbaring van die
waarheid van die woord wat gespreek
is deur sy vaders, en volgens
die gees van profesie wat in
hom was, volgens die [a]getuienis
van Jesus Christus, die Seun van
God, wat sou kom om sy volk te
verlos van hulle sonde, en die heilige
orde waarvolgens hy geroep
is. En so is dit geskryf. Amen.

**6** 1*a* GS Ouderling.
*b* GS Ordineer, Ordinering.
*c* GS Hande, Oplegging van.
*d* L&V 52:39.
2*a* GS Doop.
3*a* Mosia 26:6.
*b* GS Hoogmoed.
*c* Ex. 32:33; Mosia 26:36; Alma 1:24; 5:57–58. GS Ekskommunikeer.
6*a* GS Vas.
7*a* Alma 2:20.
*b* Alma 1:9.
8*a* Openb. 19:10.

Die woorde van Alma wat hy verkondig het aan die volk in Gídeon, volgens sy eie verslag.

*Dit behels hoofstuk 7.*

## HOOFSTUK 7

*Christus sal gebore word uit Maria—Hy sal die bande van die dood losmaak en die sondes van sy volk dra—Diegene wat bekeer, gedoop word, en die gebooie onderhou, sal die ewige lewe hê—Vieslikheid kan nie die koninkryk van God beërwe nie—Nederigheid, geloof, hoop en naasteliefde word vereis. Ongeveer 83 v.C.*

Kyk, my geliefde broers, aangesien ek toegelaat is om na julle te kom, daarom probeer ek om julle [a]toe te spreek in my taal; ja, deur my eie mond, aangesien dit die eerste keer is dat ek met julle gespreek het deur die woorde van my mond, omdat ek heeltemal beperk was tot die [b]regterstoel, omdat ek baie pligte gehad het dat ek nie na julle kon kom nie.

2 En selfs ek kon nie nou op hierdie tyd gekom het nie, as dit nie was dat die regterstoel aan ′n ander [a]gegee is, om in my plek te heers nie; en die Here het met baie barmhartigheid gegun dat ek na julle moes kom.

3 En kyk, ek het gekom met groot verwagtinge en ′n groot begeerte dat ek sou vind dat julle julself verootmoedig het voor God, en dat julle volgehou het in die afsmeking van sy genade, dat ek sou vind dat julle onskuldig is voor Hom, dat ek sou vind dat julle nie in die vreeslike verknorsing was waarin ons broers was in Zarahemla nie.

4 Maar geprys is die Naam van God, dat Hy my gegee het om te weet, ja, het aan my die uitnemende groot vreugde gegee om te weet dat hulle weer gevestig is in die weg van sy regverdigheid.

5 En ek vertrou, volgens die Gees van God wat in my is, dat ek ook vreugde sal hê oor julle; nogtans begeer ek nie dat my vreugde oor julle sal kom vanweë die baie verdrukkinge en droefheid wat ek gehad het vir die broers te Zarahemla nie, want kyk, my vreugde oor hulle kom nadat ek deur baie verdrukking en droefheid geworstel het.

6 Maar kyk, ek vertrou dat julle nie in ′n toestand van soveel ongeloof is as wat julle broers was nie; ek vertrou dat julle nie verhef is in die hoogmoed van julle harte nie; ja, ek vertrou dat julle nie julle harte gerig het op rykdomme en die ydele dinge van die wêreld nie; ja, ek vertrou dat julle nie [a]afgode aanbid nie, maar dat julle die ware en [b]lewende God aanbid, en dat julle uitsien na die vergifnis van julle sondes, met ′n ewigdurende geloof, wat moet kom.

7 Want kyk, ek sê vir julle daar is baie dinge wat moet kom; en kyk,

**7** 1*a* Alma 4:19.
*b* Mosia 29:42.
2*a* Alma 4:16–18.
6*a* 2 Ne. 9:37; Hel. 6:31.
*b* Dan. 6:26.

daar is een ding wat van meer belang is as hulle almal—want kyk, die [a]tyd is nie ver weg dat die Verlosser leef en onder sy volk kom nie.

8 Kyk, ek sê nie dat Hy onder ons sal kom in die tyd van sy inwoning in sy sterflike tabernakel nie; want kyk, die Gees het nie aan my gesê dat dit die geval sal wees nie. Nou, betreffende hierdie ding, weet ek nie; maar dit weet ek, dat die Here God krag het om alle dinge te doen wat volgens sy woord is.

9 Maar kyk, die Gees het dit aan my gesê, naamlik: Roep tot hierdie volk en sê—[a]Bekeer julle, en berei die weg vir die Here, en wandel in sy weë, wat reguit is; want kyk, die koninkryk van die hemel is op hande, en die Seun van God [b]kom op die aangesig van die aarde.

10 En kyk, Hy sal [a]gebore word uit [b]Maria, by Jerusalem, wat die [c]land van ons voorvaders is, en sy sal 'n [d]maagd wees, 'n kosbare en uitverkore vat, wat oorskadu sal word en sal [e]swanger word deur die mag van die Heilige Gees, en 'n seun voortbring, ja, en wel die Seun van God.

11 En Hy sal uitgaan, en pyne verduur en [a]verdrukkinge en versoekinge van elke soort; en dit sodat die woord vervul mag word wat sê dat Hy die pyne en siektes van sy volk op Hom sal neem.

12 En Hy sal die [a]dood op Hom neem, sodat Hy die bande van die dood kan losmaak wat sy volk bind; en Hy sal hulle krankhede op Hom neem, sodat sy binneste vervul mag wees met barmhartigheid volgens die vlees, sodat Hy mag weet volgens die vlees hoe om sy volk [b]by te staan volgens hulle krankhede.

13 Nou, die Gees [a]weet alle dinge; nogtans, die Seun van God ly volgens die vlees, sodat Hy die sondes van sy volk op Hom mag [b]neem sodat Hy hulle oortredinge mag uitwis volgens die krag van sy verlossing; en nou, kyk, dit is die getuienis wat in my is.

14 Nou sê ek aan julle dat julle moet bekeer, en weer [a]gebore word; want die Gees sê dat as julle nie weer gebore word nie, kan julle nie die koninkryk van die hemel beërwe nie; daarom, kom en word gedoop tot bekering, sodat julle gewas mag word van julle sondes, sodat julle geloof mag hê in die Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem, wat magtig is om te red en te reinig van alle ongeregtigheid.

7 *a* Alma 9:26.
9 *a* Matt. 3:2–4; Alma 9:25.
*b* Mosia 3:5; 7:27; 15:1–2.
10 *a* Jes. 7:14; Lk. 1:27.
*b* Mosia 3:8. GS Maria, Moeder van Jesus.
*c* 1 Kron. 9:3; 2 Kron. 15:9; 1 Ne. 1:4; 3 Ne. 20:29.
*d* 1 Ne. 11:13–21.
*e* Matt. 1:20; Mosia 15:3.
11 *a* Jes. 53:3–5; Mosia 14:3–5.
12 *a* 2 Ne. 2:8; Alma 12:24–25. GS Kruisiging.
*b* Hebr. 2:18; 4:15; L&V 62:1.
13 *a* GS God, Godheid.
*b* Mosia 15:12. GS Versoen, Versoening.
14 *a* GS Wedergebore, Gebore uit God.

15 Ja, ek sê vir julle, kom en
moenie vrees nie, en lê elke sonde
opsy, wat julle maklik [a]oorval,
wat julle vasbind tot vernieti-
ging, ja, kom en gaan uit, en wys
aan julle God dat julle gewillig is
om te bekeer van jul sondes en
ʼn verbond met Hom te sluit om
sy gebooie te onderhou, en ge-
tuig daarvan voor Hom hierdie
dag deur die waters van die doop
binne te gaan.
16 En wie ook al dit doen, en die
gebooie van God van daardie dag
af onderhou, sal onthou dat ek
vir hom sê, ja, hy sal onthou dat
ek aan hom gesê het, dat hy die
ewige lewe sal hê, volgens die ge-
tuienis van die Heilige Gees, wat
getuig in my.
17 En nou my geliefde broers,
glo julle hierdie dinge? Kyk, ek
sê vir julle, ja, ek weet dat julle
hulle glo; en die wyse waarop ek
weet dat julle hulle glo is deur die
openbaring van die Gees wat in
my is. En nou omdat julle geloof
sterk is aangaande dit, ja, aan-
gaande die dinge wat ek gespreek
het, groot is my blydskap.
18 Want soos ek aan julle gesê
het van die begin af, dat ek ʼn
groot begeerte het dat julle nie in
dieselfde toestand van verknor-
sing as julle broers is nie, net so
het ek gevind dat my begeertes
vervul is.
19 Want ek merk dat julle op
die weë van regverdigheid is; ek
merk dat julle op die weë is wat
lei na die koninkryk van God; ja,
ek merk dat julle sy [a]paaie reg-
uit maak.
20 Ek merk dat dit aan julle be-
kend gemaak is, deur die getuie-
nis van sy woord, dat Hy nie kan
[a]wandel op krom paaie nie; nóg
wyk Hy af van dit wat Hy gesê het;
nóg wyk Hy ʼn skadubreedte af na
regs of na links, of van dit wat reg
is na dit wat verkeerd is; daarom,
sy weg is een ewige kringloop.
21 En Hy woon nie in [a]onheilige
tempels nie; nóg kan vieslikheid,
of enigiets wat onrein is in die ko-
ninkryk van God ontvang word;
daarom sê ek aan julle dat die tyd
sal kom, ja, en dit sal op die laaste
dag wees, dat hy wat [b]vieslik is,
sal in sy vieslikheid bly.
22 En nou my geliefde broers,
ek het hierdie dinge aan julle gesê
dat ek julle mag opwek tot ʼn be-
sef van julle plig teenoor God, dat
julle onberispelik mag wandel
voor Hom, dat julle mag wandel
volgens die heilige orde van God,
waarvolgens julle ontvang is.
23 En nou wil ek hê dat julle
[a]nederig sal wees, en onderda-
nig en sagmoedig sal wees; mak-
lik om geleer te word; vol geduld
en lankmoedigheid; matig in alle
dinge; ywerig om die gebooie van
God te alle tye te onderhou; vra
vir watter dinge julle ook al nodig

15*a* 2 Ne. 4:18.
19*a* Matt. 3:3.
20*a* 1 Ne. 10:19; Alma 37:12; L&V 3:2.
21*a* 1 Kor. 3:16–17; 6:19; Mosia 2:37; Alma 34:36.
*b* 1 Ne. 15:33–35; 2 Ne. 9:16; Morm. 9:14; L&V 88:35.
23*a* GS Nederig, Nederigheid.

het, beide geestelik en stoflik; en
altyd God dank vir watter dinge
julle ook al ontvang.
24 En sorg dat julle [a]geloof,
hoop en naasteliefde het, en dan
sal julle altyd oorvloedig wees in
goeie werke.
25 En mag die Here julle seën,
en julle kleding vlekkeloos hou,
sodat julle eindelik gebring mag
word om te sit met Abraham, Isak,
en Jakob, en die heilige profete
wat was sedert die wêreld begin
het, met julle kleding [a]vlekkeloos,
net soos hulle kleding vlekkeloos
is, in die koninkryk van die hemel
om nie meer uit te gaan nie.
26 En nou my geliefde broers,
ek het hierdie woorde met julle
gespreek volgens die Gees wat
in my getuig; en my siel is uiter-
mate verheug vanweë die uiter-
mate ywer en aandag wat julle
aan my woord gegee het.
27 En nou, mag die [a]vrede van
God op julle rus, en op julle huise
en landerye, en op julle kleinvee
en grootvee, en alles wat julle be-
sit, julle vroue en julle kinders, vol-
gens julle geloof en goeie werke,
vanaf hierdie tyd en vir ewig. En
aldus het ek gespreek. Amen.

## HOOFSTUK 8

*Alma preek en doop in Melek—Hy word verwerp in Ammoniha en vertrek—'n Engel beveel hom om terug te keer en bekering uit te roep tot die volk—Hy word ontvang deur Amulek, en die twee van hulle preek in Ammoniha. Ongeveer 82 v.C.*

En nou dit het gebeur dat Alma
teruggekeer het van die [a]land Gí-
deon, nadat hy die volk van Gí-
deon baie dinge geleer het wat nie
geskryf kan word nie, nadat hy
die orde van die kerk gestig het,
soos hy dit voorheen gedoen het
in die land Zarahemla, ja, hy het
teruggekeer na sy eie huis in Za-
rahemla om te rus van die arbeid
wat hy verrig het.
2 En so het die negende jaar ge-
ëindig van die heerskappy van
die regters oor die volk van Nefi.
3 En dit het gebeur aan die begin
van die tiende jaar van die heers-
kappy van die regters oor die volk
van Nefi, dat Alma daarvandaan
vertrek het, en gereis het na die
land Melek, aan die weste van die
[a]Sidon-rivier, aan die weste teen
die grense van die wildernis.
4 En hy het begin om die mense
te leer in die land Melek volgens
die [a]heilige orde van God, waar-
volgens hy geroep is; en hy het
begin om die mense te leer dwars-
deur die hele land Melek.
5 En dit het gebeur dat die
mense na hom gekom het uit al
die grense van die land wat aan
die wildernis se kant was. En
hulle is gedoop dwarsdeur die
hele land;
6 Sodat toe hy sy werk in Melek

24*a* 1 Kor. 13;
Ether 12:30–35;
Moro. 7:33–48.
25*a* 2 Petr. 3:14.
27*a* GS Vrede.
**8** 1*a* Alma 2:20; 6:7.
3*a* Alma 16:6–7.
4*a* L&V 107:2–4.
GS Melgisédekse
Priesterskap.

voltooi het, het hy vertrek daar-
vandaan, en drie dagreise ver ge-
trek het na die noordekant van die
land Melek; en hy het by ′n stad
gekom wat Ammoniha genoem is.
7 Nou was dit die gewoonte van
die volk van Nefi om hulle lande,
en hulle stede, en hulle dorpe, en
selfs hulle gehugte, na die naam
te noem van hom wat hulle eerste
besit het; en so was dit met die
land Ammoniha.
8 En dit het gebeur dat toe Alma
in die stad Ammoniha gekom het,
het hy begin om die woord van
God aan hulle te preek.
9 Nou het Satan ′n groot [a]hou-
vas gekry op die harte van die
mense van die stad Ammoniha;
daarom wou hulle nie ag slaan op
die woorde van Alma nie;
10 Nogtans het Alma baie [a]gear-
bei in die gees, terwyl hy met God
[b]geworstel het in [c]kragtige gebed,
sodat Hy sy Gees sou uitstort op
die mense wat in die stad was; so-
dat Hy ook mag gun dat hy hulle
mag doop tot bekering.
11 Nieteenstaande het hulle hul
harte verhard, en aan hom gesê:
Kyk, ons weet dat jy Alma is; en
ons weet dat jy hoëpriester is oor
die kerk wat jy gestig het in baie
dele van die land, volgens julle
oorlewering; en ons is nie van jou
kerk nie, en ons glo nie aan sulke
dwase oorleweringe nie.
12 En nou weet ons dat omdat
ons nie van jou kerk is nie, weet
ons dat jy geen mag het oor ons
nie; en jy het die regterstoel gegee
aan [a]Nefiha; daarom is jy nie die
hoofregter oor ons nie.
13 Nou toe die volk dit gesê het,
en al sy woorde weerstaan het, en
hom beledig het, en op hom ge-
spoeg het, en hom laat uitwerp
het uit hulle stad, het hy daarvan-
daan vertrek en gereis na die stad
wat Aäron genoem is.
14 En dit het gebeur dat ter-
wyl hy daarheen gereis het, en
hy terneergedruk was met groot
droefheid, en baie [a]verdrukking
en angs van siel deurworstel het,
vanweë die boosheid van die
mense wat in die stad Ammoniha
was, dit het gebeur, terwyl Alma
so terneergedruk was met droef-
heid, kyk ′n [b]engel van die Here
het verskyn aan hom, en gesê:
15 Geseënd is jy, Alma; daarom,
rig jou hoof op en verbly jou,
want jy het groot rede om jou te
verbly; want jy was getrou in die
onderhouding van die gebooie
van God vanaf die tyd dat jy jou
eerste boodskap van Hom ont-
vang het. Kyk, ek is hy wat dit
aan jou [a]gegee het.
16 En kyk, ek is gestuur om jou
te beveel dat jy terugkeer na die
stad Ammoniha, en weer preek
vir die mense van die stad; ja,
preek vir hulle. Ja, sê vir hulle,
tensy hulle bekeer, sal die Here
God hulle [a]vernietig.
17 Want kyk, hulle bedink tans

9*a* 2 Ne. 28:19–22;
L&V 10:20.
10*a* Alma 17:5.
*b* Enos 1:1–12.
*c* 3 Ne. 27:1.
GS Gebed.
12*a* Alma 4:20.
14*a* GS Teenstand.
*b* Alma 10:7–10, 20.
GS Engele.
15*a* Mosia 27:11–16.
16*a* Alma 9:12, 18, 24.

om die vryheid van jou volk te vernietig, (want so sê die Here) wat strydig is met die insettinge, en wette, en gebooie wat Hy aan sy mense gegee het.
18 Nou dit het gebeur dat nadat Alma sy boodskap van die engel van die Here ontvang het, het hy vinnig teruggekeer na die land Ammoniha. En hy het die stad langs ′n ander weg binnegegaan, ja, langs die weg wat aan die suide van die stad Ammoniha is.
19 En toe hy die stad binnegegaan het, was hy honger, en hy het aan ′n man gesê: Sal jy aan ′n nederige dienskneg van God iets gee om te eet?
20 En die man het aan hom gesê: Ek is ′n Nefiet, en ek weet dat u ′n heilige profeet van God is, want u is die man van wie ′n [a]engel in ′n visioen gesê het: U sal ontvang. Daarom, gaan saam met my na my huis en ek sal van my kos met u deel; en ek weet dat u ′n seëning vir my en my huis sal wees.
21 En dit het gebeur dat die man hom in sy huis ontvang het; en die man was [a]Amulek genoem; en hy het brood en vleis uitgehaal en voor Alma gesit.
22 En dit het gebeur dat Alma brood geëet het en versadig was; en hy het Amulek [a]geseën en sy huis, en hy het dank aan God gegee.
23 En nadat hy geëet het en versadig was, het hy aan Amulek gesê: Ek is Alma, en is die [a]hoëpriester oor die kerk van God dwarsdeur die land.
24 En kyk, ek is geroep om die woord van God te preek onder hierdie hele volk, volgens die gees van openbaring en profesie; en ek was in hierdie land en hulle wou my nie ontvang nie, maar hulle het my [a]uitgewerp, en ek was op die punt om my rug te keer op hierdie land vir ewig.
25 Maar kyk, ek is beveel dat ek weer moes omdraai en vir hierdie volk profeteer, ja, en te getuig teen hulle aangaande hulle ongeregtighede.
26 En nou, Amulek, omdat jy my gevoed het en my ingeneem het, is jy geseënd; want ek was honger, want ek het baie dae gevas.
27 En Alma het baie dae by Amulek vertoef voordat hy vir die volk begin preek het.
28 En dit het gebeur dat die volk nog erger geword het in hulle ongeregtighede.
29 En die woord het tot Alma gekom, en gesê: Gaan; en sê ook aan my dienskneg Amulek, gaan uit en profeteer vir hierdie volk, en sê—[a]Bekeer julle, want so sê die Here, tensy julle bekeer, sal Ek hierdie volk besoek in my toorn; ja, en Ek sal my vurige toorn nie afwend nie.
30 En Alma het uitgegaan, en ook Amulek, onder die volk, om

20*a* Alma 10:7–9.
21*a* GS Amulek.
22*a* Alma 10:11.
23*a* Alma 5:3, 44, 49; 13:1–20.
24*a* Alma 8:13.
29*a* Alma 9:12, 18. GS Bekeer, Bekering.

die woorde van God te verkondig
aan hulle; en hulle is vervul met
die Heilige Gees.
31 En aan hulle is [a]krag gegee,
in so ′n mate dat hulle nie opge-
sluit kon word in kerkers nie; nóg
was dit moontlik dat enige man
hulle kon doodmaak; nogtans het
hulle nie hul [b]krag gebruik tot-
dat hulle gebind is met bande en
in die gevangenis gewerp is nie.
Nou, dit is gedoen dat die Here sy
krag deur hulle kon toon.
32 En dit het gebeur dat hulle
uitgegaan en begin het om te
preek en te profeteer vir die volk,
volgens die gees en krag wat die
Here hulle gegee het.

---

Die woorde van Alma, en ook die woorde van Amulek, wat verkondig is aan die volk wat in die land Ammoniha was. En hulle is ook in die gevangenis gewerp, en verlos deur die wonderbaarlike krag van God wat in hulle was, volgens die verslag van Alma.

*Dit behels hoofstukke 9 tot 14.*

## HOOFSTUK 9

*Alma beveel die volk van Ammoniha om te bekeer—Die Here sal barmhartig wees teenoor die Lamaniete in die laaste dae—As die Nefiete die lig verwerp, sal hulle vernietig word deur die Lamaniete—Die Seun van God sal spoedig kom—Hy sal diegene verlos wat bekeer, gedoop word, en geloof het in sy naam. Ongeveer 82 v.C.*

En verder, ek, Alma, omdat ek be-
veel is deur God dat ek Amulek
moes neem en uitgaan en weer
vir die mense preek, of, die mense
wat in die stad Ammoniha was,
dit het gebeur dat toe ek begin om
vir hulle te preek, het hulle begin
om met my te stry, en gesê:
2 Wie is jy? Veronderstel jy dat
ons die getuienis van [a]een man sal
glo, al sou hy vir ons preek dat die
aarde sal verbygaan?
3 Nou het hulle nie die woorde
verstaan wat hulle gespreek het
nie; want hulle het nie geweet dat
die aarde sou verbygaan nie.
4 En hulle het ook gesê: Ons sal
nie jou woorde glo as jy sou pro-
feteer dat hierdie groot stad ver-
nietig sou word in [a]een dag nie.
5 Nou het hulle nie geweet dat
God sulke wonderlike werke kon
doen nie, want hulle was ′n hard-
vogtige en ′n hardnekkige volk.
6 En hulle het gesê: [a]Wie is God,
wat [b]nie meer gesag stuur as een
man onder die volk, om aan hulle
die waarheid te verkondig van
sulke groot en wonderbaarlike
dinge nie?
7 En hulle het na vore gekom om
die hande op my te lê; maar kyk,
hulle het nie. En ek het moediglik
gestaan om aan hulle te verkon-
dig, ja, ek het moedig getuig aan
hulle, en gesê:

---

31*a* 1 Ne. 1:20.
*b* Alma 14:17–29.
**9** 2*a* Deut. 17:6.
4*a* Alma 16:9–10.
6*a* Ex. 5:2; Mosia 11:27; Moses 5:16.
*b* Alma 10:12.

8 Kyk, o julle goddelose en wederstrewige [a]geslag, hoe het julle die oorlewering van julle vaders vergeet; ja, hoe gou het julle die gebooie van God vergeet!

9 Onthou julle nie dat ons vader, Lehi, uit Jerusalem gebring is deur die [a]hand van God nie? Onthou julle nie dat hulle almal deur Hom gelei is deur die wildernis nie?

10 En het julle so gou vergeet hoeveel keer Hy ons vaders verlos het uit die hande van hulle vyande, en hulle bewaar het van vernietiging, en wel deur die hande van hulle eie broers?

11 Ja, en as dit nie was vir sy ongeëwenaarde krag, en sy barmhartigheid, en sy lankmoedigheid teenoor ons nie, sou ons onvermydelik afgesny gewees het van die aangesig van die aarde lank voor hierdie tydperk, en miskien toegewys word tot ′n toestand van [a]eindelose ellende en wee.

12 Kyk, nou sê ek aan julle dat Hy julle gebied om te bekeer; en tensy julle bekeer, kan julle geensins die koninkryk van God beërwe nie. Maar kyk, dit is nie al nie—Hy het julle gebied om te bekeer, of Hy sal julle heeltemal [a]vernietig vanaf die aangesig van die aarde; ja, Hy sal julle besoek in sy toorn, en in sy [b]vurige toorn sal Hy nie wegdraai nie.

13 Kyk, onthou julle nie die woorde wat Hy met Lehi gespreek het nie, en gesê het dat: [a]In soverre julle my gebooie sal onderhou, sal julle in die land voorspoedig wees? En verder word gesê dat: In soverre julle nie my gebooie wil onderhou nie, sal julle afgesny word van die teenwoordigheid van die Here.

14 Nou wil ek hê julle moet onthou, dat in soverre die Lamaniete nie die gebooie van God onderhou het nie, is hulle [a]afgesny van die teenwoordigheid van die Here. Nou sien ons dat die woord van die Here bewaarheid is aangaande hierdie ding, en dat die Lamaniete van sy teenwoordigheid afgesny is, vanaf die begin van hulle oortredinge in die land.

15 Nogtans sê ek aan julle, dat dit vir hulle [a]draagliker sal wees in die oordeelsdag as vir julle, as julle in julle sondes bly, ja, en selfs draagliker vir hulle in hierdie lewe as vir julle, tensy julle bekeer.

16 Want daar is baie beloftes wat aan die Lamaniete [a]aangebied word; want dit is vanweë die [b]oorleweringe van hulle vaders wat veroorsaak het dat hulle in hul toestand van [c]onkunde gebly het; daarom sal die Here barmhartig wees teenoor hulle en hulle voortbestaan in die land [d]verleng.

8*a* Alma 10:17–25.
9*a* 1 Ne. 2:1–7.
11*a* Mosia 16:11.
12*a* Alma 8:16; 10:19, 23, 27.
*b* Alma 8:29.
13*a* 2 Ne. 1:20; Mosia 1:7; Alma 37:13.
14*a* 2 Ne. 5:20–24; Alma 38:1.
15*a* Matt. 11:22, 24.
16*a* Alma 17:15.
*b* Mosia 10:12 (sien verse 11–17).
*c* Mosia 3:11.
*d* Hel. 15:10–12.

17 En op een of ander tydstip
sal hulle daartoe [a]gebring word
om te glo in sy woord, en om te
weet van die onjuistheid van die
oorleweringe van hulle vaders;
en baie van hulle sal gered word,
want die Here sal barmhartig
wees teenoor almal wat sy Naam
[b]aanroep.
18 Maar kyk, ek sê vir julle dat
as julle volhard in julle boosheid,
dat julle dae nie verleng sal word
in die land nie, want die [a]Lamaniete sal afgestuur word op julle;
en as julle nie bekeer nie sal hulle
kom in ′n tyd wanneer julle nie
daarvan weet nie, en julle sal besoek word met [b]algehele vernietiging; en dit sal wees volgens die
vurige [c]toorn van die Here.
19 Want Hy sal julle nie toelaat
dat julle in jul ongeregtighede
lewe om sy volk te vernietig nie.
Ek sê vir julle, Nee; hy sal eerder toelaat dat die Lamaniete sy
hele volk mag [a]vernietig wat genoem word die volk van Nefi, as
dit moontlik was dat hulle kon
[b]verval in sondes en oortredinge,
nadat soveel lig en soveel kennis
aan hulle gegee is deur die Here
hulle God;
20 Ja, en nadat hulle so ′n hoogsbegunstigde volk van die Here
was, ja, nadat hulle begunstig is
bo elke ander nasie, stam, taal of
volk; nadat alle dinge aan hulle
[a]bekend gemaak is, volgens hulle
begeertes, en hulle geloof, en gebede, betreffende dit wat was en
wat is, en wat moet kom;
21 Nadat hulle besoek is deur
die Gees van God; nadat hulle
met engele gespreek het, nadat
die stem van die Here met hulle
gespreek het; nadat hulle die
gees van profesie gehad het, en
die gees van openbaring, en ook
baie gawes, die gawe om in tonge
te spreek, en die gawe van prediking, en die gawe van die Heilige
Gees, en die gawe van [a]vertaling;
22 Ja, en nadat hulle [a]bevry is
deur God uit die land Jerusalem, deur die hand van die Here;
nadat hulle gered is van hongersnood, en van siekte, en van
allerhande krankhede van alle
soorte; en nadat hulle sterk geword het in oorlogvoering, sodat
hulle nie vernietig mag word nie;
nadat hulle keer op keer gebring
is uit [b]slawerny, en nadat hulle behou en bewaar is tot nou toe; en
hulle was voorspoedig gemaak
totdat hulle ryk is aan allerhande
dinge—
23 En nou kyk, ek sê vir julle,
dat as hierdie volk, wat soveel seëninge ontvang het uit die hand
van die Here, sou oortree teen die
lig en die kennis wat hulle het, ek
sê vir julle dat as dit die geval is,
dat as hulle in oortreding verval,
sou dit baie [a]draagliker vir die Lamaniete wees as vir hulle.

17 *a* Enos 1:13.
*b* Alma 38:5; L&V 3:8.
18 *a* Alma 16:2–3.
*b* Alma 16:9.
*c* Alma 8:29.
19 *a* 1 Ne. 12:15, 19–20; Alma 45:10–14.
*b* Alma 24:30.
20 *a* GS Openbaring.
21 *a* Omni 1:20; Mosia 8:13–19; 28:11–17.
22 *a* 2 Ne. 1:4.
*b* Mosia 27:16.
23 *a* Matt. 11:22–24.

24 Want kyk, die [a]beloftes van die Here word aan die Lamaniete aangebied, maar hulle is nie aan julle as julle oortree nie; want het die Here nie duidelik belowe en onwrikbaar beveel dat as julle teen Hom rebelleer dat julle heeltemal uitgeroei sal word vanaf die aangesig van die aarde nie?

25 En nou om hierdie rede, dat julle nie vernietig mag word nie, het die Here sy engel gestuur om baie van sy volk te besoek, en aan hulle verklaar dat hulle moet uitgaan en kragtig moet uitroep tot hierdie volk, en gesê: [a]Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel is byna op hande;

26 En [a]nie baie dae vanaf hierdie tyd nie sal die Seun van God in sy heerlikheid kom, en sy heerlikheid sal wees die heerlikheid van die [b]Eniggebore van die Vader, vol van [c]genade, billikheid en waarheid, vol van geduld, [d]barmhartigheid en lankmoedigheid, gou om te [e]luister na die geroep van sy volk en om hulle gebede te verhoor.

27 En kyk, Hy kom om diegene te [a]verlos wat [b]gedoop sal word tot bekering, deur geloof in sy Naam.

28 Daarom, berei julle die weg van die Here, want die tyd is op hande dat alle mense ′n beloning sal maai vir hulle [a]werke, volgens dit wat hulle was—as hulle regverdig was, sal hulle die heil van hulle siele [b]maai, volgens die krag en die bevryding van Jesus Christus; en as hulle boos was, sal hulle die [c]verdoemenis maai van hulle siele, volgens die krag en die slawerny van die duiwel.

29 Nou, kyk, dit is die stem van die engel, wat tot die volk uitroep.

30 En nou, my [a]geliefde broers, want julle is my broers, en julle behoort geliefd te wees, en julle behoort die werke voort te bring wat by bekering pas, aangesien julle harte tot ′n hoë mate verhard is teen die woord van God, en aangesien julle ′n [b]verlore en ′n gevalle volk is.

31 Nou het dit gebeur dat toe ek, Alma, hierdie woorde gespreek het, kyk, die volk was vertoornd met my omdat ek aan hulle gesê het dat hulle hard van hart en ′n [a]hardnekkige volk was.

32 En ook omdat ek aan hulle gesê het dat hulle ′n verlore en gevalle volk was, was hulle vir my kwaad, en het gesoek om hul hande op my te lê, sodat hulle my in die gevangenis kon werp.

33 Maar dit het gebeur dat die Here hulle nie toegelaat het dat hulle my moes neem op daardie tydstip en my in die gevangenis werp nie.

24*a* 2 Ne. 30:4–6; L&V 3:20.
25*a* Alma 7:9; Hel. 5:32.
26*a* Alma 7:7.
*b* GS Eniggeborene.
*c* GS Genade.
*d* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
*e* Deut. 26:7.
27*a* GS Verlos, Verlossing.
*b* GS Doop.
28*a* L&V 1:10; 6:33.
*b* Ps. 7:17.
*c* GS Verdoemenis.
30*a* 1 Joh. 4:11.
*b* Alma 12:22.
31*a* 2 Ne. 25:28; Mosia 3:14.

34 En dit het gebeur dat Amu-
lek uitgegaan en gaan staan het,
en ook vir hulle begin preek het.
En nou is die [a]woorde van Amu-
lek nie almal geskrywe nie, nog-
tans is ′n gedeelte van sy woorde
geskrywe in hierdie boek.

## HOOFSTUK 10

*Lehi het afgestam van Manasse—Amulek vertel van die engel se bevel dat hy vir Alma moet sorg—Die gebede van die regverdiges veroorsaak dat die volk gespaar word—Onregverdige regsgeleerdes en regters lê die fondament van die vernietiging van die volk. Ongeveer 82 v.C.*

Nou, hierdie is die [a]woorde wat
[b]Amulek vir die volk gepreek het
wat in die land Ammoniha was,
en gesê:
2 Ek is Amulek; ek is die seun
van Giddona, wat die seun was
van Ismael, wat ′n afstammeling
was van Aminadi; en dit was
daardie selfde Aminadi wat die
skrif vertolk het wat op die muur
van die tempel was, wat geskryf
is deur die vinger van God.
3 En Aminadi was ′n afstamme-
ling van Nefi, wat die seun was
van Lehi, wat uit die land Jerusa-
lem gekom het, wat ′n afstamme-
ling was van [a]Manasse, wat die
seun was van [b]Josef wat in Egipte
[c]verkoop is deur die hande van
sy broers.
4 En kyk, ek is ook ′n man van
geen geringe aansien onder almal
wat my ken nie; ja, en kyk, ek het
baie verwante en [a]vriende, en
ek het ook baie rykdom verwerf
deur die hand van my werkywer.
5 Nogtans, ondanks dit alles, het
ek nooit veel geweet van die weë
van die Here nie, en van sy [a]ver-
borgenhede en wonderlike krag
nie. Ek het gesê ek het nooit baie
van hierdie dinge geweet nie;
maar kyk, ek vergis my, want ek
het baie van sy verborgenhede en
sy wonderlike krag gesien; ja, en
wel in die behoud van die lewens
van hierdie volk.
6 Nogtans, ek het my hart ver-
hard, want ek is baie kere [a]geroep
en wou nie [b]hoor nie; daarom
het ek geweet aangaande hierdie
dinge, tog wou ek nie weet nie;
daarom het ek aangehou om te re-
belleer teen God, in die boosheid
van my hart, tot die vierde dag
van hierdie sewende maand, wat
in die tiende jaar is van die heers-
kappy van die regters.
7 Terwyl ek op reis was om ′n
baie nabye verwant te besoek,
kyk, ′n [a]engel van die Here het
aan my verskyn, en gesê: Amulek,
keer terug na jou eie huis, want jy
sal ′n profeet van die Here voed;
ja, ′n heilige man, wat ′n uitver-
kore man van God is; want hy het
baie dae [b]gevas vanweë die son-
des van hierdie volk, en hy het

34*a* Alma 10.
**10** 1*a* Alma 9:34.
*b* Alma 8:21–29.
3*a* Gén. 41:51; 1 Kron. 9:3.
*b* GS Josef, Seun van Jakob.
*c* Gén. 37:29–36.
4*a* Alma 15:16.
5*a* GS Verborgenhede van God.
6*a* Alma 5:37.
*b* L&V 39:9.
7*a* Alma 8:20.
*b* Alma 5:46; 6:6. GS Vas.

honger, en jy sal hom [c]ontvang in jou huis en hom voed, en hy sal jou en jou huis seën; en die seëning van die Here sal op jou en jou huis rus.

8 En dit het gebeur dat ek die stem van die engel gehoorsaam het, en teruggekeer het na my huis. En terwyl ek daarheen gegaan het, het ek die man [a]gevind van wie die engel aan my gesê het: Jy sal hom ontvang in jou huis—en kyk dit was hierdie selfde man wat met julle gespreek het aangaande die dinge van God.

9 En die engel het aan my gesê hy is ′n [a]heilige man; daarom weet ek dat hy ′n heilige man is omdat dit gesê is deur ′n engel van God.

10 En verder, ek weet dat die dinge waarvan hy getuig het waar is; want kyk, ek sê vir julle, dat sowaar as die Here leef, net so het Hy sy [a]engel gestuur om hierdie dinge aan my openbaar te maak; en dit het Hy gedoen terwyl hierdie Alma in my huis [b]gewoon het.

11 Want kyk, hy het my huis [a]geseën, hy het my geseën, en my vroue, en my kinders, en my vader en my familielede; ja, en wel al my verwante het hy geseën, en die seëning van die Here het op ons gerus volgens die woorde wat hy gespreek het.

12 En nou, toe Amulek hierdie woorde gespreek het, het die volk verbaas begin word, aangesien daar [a]meer as een getuie was wat getuig het van die dinge waarvan hulle beskuldig is, en ook van die dinge wat moes kom, volgens die gees van profesie wat in hulle was.

13 Nogtans, daar was sommige onder hulle wat gedink het om hulle uit te vra, sodat deur hul geslepe [a]planne hulle in hul woorde gevang kon word, sodat hulle getuienis teen hulle mag vind, sodat hulle hul mag uitlewer aan hul regters sodat hulle geoordeel mag word volgens die wet en sodat hulle gedood, of in die gevangenis gewerp mag word volgens die misdaad wat hulle teen hul kon versin of teen hul kon getuig.

14 Nou was dit daardie manne wat gesoek het om hulle te vernietig, wat [a]regsgeleerdes was, wat gehuur of aangestel is deur die volk om die wet toe te pas ten tye van hul verhore, of by die verhore van die misdade van die volk voor die regters.

15 Nou was hierdie regsgeleerdes geleerd in al die liste en geslepenhede van die volk; en dit was om hulle in staat te stel sodat hulle bedrewe mag wees in hulle beroep.

16 En dit het gebeur dat hulle begin het om Amulek uit te vra, sodat hulle hom daardeur sy woorde kon laat ontken, of die

7*c* Hand. 10:30–35.
8*a* Alma 8:19–21.
9*a* GS Heilig.
10*a* Alma 11:30–31.
*b* Alma 8:27.
11*a* Alma 8:22.
12*a* Alma 9:6.
13*a* Alma 11:21.
14*a* Alma 10:24; 11:20–21; 14:18.

woorde laat weerspreek wat hy
sou spreek.
17 Nou het hulle nie geweet dat
Amulek kon weet van hulle voornemens nie. Maar dit het gebeur terwyl hulle hom begin ondervra, het hy hulle gedagtes [a]bemerk, en hy het aan hulle gesê: O julle goddelose en wederstrewige [b]geslag, julle regsgeleerdes en huigelaars, want julle lê die fondamente van die duiwel; want julle lê [c]strikke en vangnette om die heiliges van God te vang.
18 Julle beraam planne om die
weë van die regverdiges te [a]verdraai, en om die toorn van God op julle hoofde af te bring, en wel tot die algehele vernietiging van hierdie volk.
19 Ja, tereg het Mosia gesê, wat
ons laaste koning was, toe hy op die punt staan om die koningskap op te sê, omdat hy niemand gehad het aan wie hy dit kon oordra nie, en het toegelaat dat hierdie volk regeer word deur hulle eie stemme—ja, tereg het hy gesê dat as die tyd sou kom dat die stem van hierdie volk ongeregtigheid sou [a]verkies, dit is, as die tyd sou kom dat hierdie volk sou verval in oortreding, sou hulle ryp wees vir vernietiging.
20 En nou sê ek aan julle dat
die Here tereg julle ongeregtighede oordeel; tereg roep hy tot hierdie volk, deur die stem van sy [a]engele: Bekeer julle, bekeer, want die koninkryk van die hemel is op hande.
21 Ja, tereg roep Hy deur die
stem van sy engele dat: [a]Ek sal neerdaal onder my volk, met billikheid en geregtigheid in my hande.
22 Ja, en ek sê vir julle, dat as dit
nie was vir die [a]gebede van die regverdiges, wat nou in die land is nie, dat julle selfs nou besoek sou word met algehele vernietiging; tog sou dit nie wees deur die [b]vloed, soos die volk was in die dae van Noag nie, maar dit sou wees deur hongersnood, en deur pestilensie, en die swaard.
23 Maar dit is deur die [a]gebede
van die regverdiges dat julle gespaar is; nou daarom, as julle die regverdiges uitwerp onder julle, dan sal die Here nie sy hand terughou nie; maar in sy vurige toorn sal Hy uitkom teen julle; dan sal julle getref word deur hongersnood, en deur pestilensie, en deur die swaard; en die [b]tyd is spoedig op hande tensy julle bekeer.
24 En nou dit het gebeur dat die
volk meer toornig was op Amulek, en hulle het uitgeroep, en gesê: Hierdie man beledig ons wette, wat regverdig is, en ons wyse regsgeleerdes wat ons gekies het.

17*a* Alma 12:3; 18:20, 32; L&V 6:16.
*b* Matt. 3:7; Alma 9:8.
*c* L&V 10:21–27.
18*a* Hand. 13:10.
19*a* Mosia 29:27; Alma 2:3–7; Hel. 5:2.
20*a* Alma 8:14–16; 13:22.
21*a* Mosia 13:34.
22*a* Jak. 5:16; Mosia 27:14–16.
*b* Gén. 8:21; 3 Ne. 22:8–10. GS Vloed tydens Noag se Tyd.
23*a* GS Gebed.
*b* Alma 34:32–35.

25 Maar Amulek het sy hand
uitgestrek, en sterker teen hulle
uitgeroep, en gesê: O julle god-
delose en wederstrewige geslag,
hoekom het Satan so ʼn groot hou-
vas gekry op julle harte? Hoekom
sal julle julself oorgee aan hom,
dat hy krag mag hê oor julle, om
julle oë te [a]verblind, dat julle nie
die woorde sal verstaan wat ge-
spreek is, volgens hulle waarheid
nie?
26 Want kyk, het ek teen julle
wet getuig? Julle verstaan nie;
julle sê dat ek teen julle wet ge-
spreek het; maar ek het nie, maar
ek het gespreek ten gunste van
julle wet, tot julle veroordeling.
27 En nou kyk, ek sê vir julle,
dat die fondament van die ver-
nietiging van hierdie volk begin
om gelê te word deur die onge-
regtigheid van julle [a]regsgeleer-
des en julle regters.
28 En nou dit het gebeur dat toe
Amulek hierdie woorde gespreek
het, het die volk teen hom uitge-
roep, en gesê: Nou weet ons dat
hierdie man ʼn kind van die dui-
wel is, want hy het vir ons [a]ge-
lieg; want hy het teen ons wet
gespreek. En nou sê hy dat hy nie
daarteen gespreek het nie.
29 En verder, hy het ons regs-
geleerdes beledig, en ons regters.
30 En dit het gebeur dat die
regsgeleerdes dit in hulle harte
gelê het dat hulle hierdie dinge
teen hom sou onthou.
31 En daar was een onder hulle
wie se naam Zeesrom was. Nou
hy was die vernaamste om vir
Amulek en vir Alma te [a]beskul-
dig, en hy was een van die bedre-
wendstes onder hulle, wat baie
sake onder die volk gedoen het.
32 Nou was dit die doel van
hierdie regsgeleerdes om gewin
te verkry; en hulle het gewin ver-
kry volgens hulle diens.

## HOOFSTUK 11

*Die Nefitiese geldstelsel word uiteengesit—Amulek twis met Zeesrom—Christus sal nie mense red in hulle sondes nie—Slegs diegene wat die koninkryk van die hemel beërwe is gered—Alle mense sal herrys in onsterflikheid—Daar is geen dood na die Opstanding nie. Ongeveer 82 v.C.*

NOU was dit in die wet van Mosia
dat elke man wat ʼn regter van die
wet was, of diegene wat as reg-
ters aangestel is, lone sou ontvang
volgens die tyd wat hulle gear-
bei het om diegene te oordeel wat
voor hulle gebring is om geoor-
deel te word.
2 Nou as ʼn man ʼn ander ge-
skuld het, en hy wou nie dit be-
taal wat hy geskuld het nie, is
hy aangekla by ʼn regter; en die
regter het gesag uitgeoefen, en
het amptenare uitgestuur sodat
die man voor hom gebring moes
word; en hy het die man geoor-
deel volgens die wet en die be-
wyse wat teen hom gebring is, en

25*a* 2 Kor. 4:4; Alma 14:6.
27*a* Lk. 11:45–52.
28*a* Alma 14:2.
31*a* Alma 11:20–36.

sodoende was die man verplig om te betaal dit wat hy geskuld het, of anders moes hy gestroop of uitgewerp word onder die volk as ’n dief en ’n rower.

3 En die regter het sy loon ontvang volgens sy tyd—’n senien van goud vir ’n dag, of ’n senum van silwer wat gelyk is aan ’n senien van goud; en is volgens die wet wat gegee is.

4 Nou is dit die name van die verskillende stukke van hulle goud, en van hulle silwer, volgens hulle waarde. En die name is gegee deur die Nefiete, want hulle het nie gereken volgens die wyse van die Jode wat by Jerusalem was nie; ook het hulle nie gemeet volgens die wyse van die Jode nie; maar hulle het hul waardebepaling en hul mate gewysig volgens die oordeel en die omstandighede van die volk, in elke geslag, tot die heerskappy van die regters, en hulle is [a]daargestel deur koning Mosia.

5 Nou die berekening is as volg—’n senien van goud, ’n seon van goud, ’n sjum van goud, en ’n limna van goud.

6 ’n Senum van silwer, ’n amnor van silwer, ’n esrom van silwer, en ’n onti van silwer.

7 ’n Senum van silwer was gelyk aan ’n senien van goud, en enigeen vir ’n maat gars, en ook vir ’n maat van elke soort van graan.

8 Nou, die hoeveelheid van ’n seon van goud was tweekeer die waarde van ’n senien.

9 En ’n sjum van goud was tweekeer die waarde van ’n seon.

10 En ’n limna van goud was die waarde van hulle almal.

11 En ’n amnor van silwer was gelyk aan twee senums.

12 En ’n esrom van silwer was gelyk aan vier senums.

13 En ’n onti was gelyk aan hulle almal.

14 Nou, dit is die waarde van die kleiner munte van hulle geldstelsel—

15 ’n Sjiblon is die helfte van ’n senum; daarom, ’n sjiblon vir ’n halwe maat van gars.

16 En ’n sjiblum is die helfte van ’n sjiblon.

17 En ’n lea is die helfte van ’n sjiblum.

18 Nou, dit is hulle waarde, volgens hulle geldstelsel.

19 Nou is ’n antion van goud gelyk aan drie sjiblons.

20 Nou, dit was vir die uitsluitlike doel om gewin te verkry, want hulle het hul lone ontvang volgens hul werk, daarom, hulle het die volk opgestook tot oproere, en alle soorte steurnisse en boosheid, sodat hulle meer werk mag kry, sodat hulle [a]geld mag kry volgens die sake wat voor hulle gebring is; daarom het hulle die volk opgestook teen Alma en Amulek.

21 En hierdie Zeesrom het Amulek begin uitvra, en gesê: Sal jy my ’n paar vrae beantwoord wat ek jou sal vra? Nou was Zeesrom ’n man wat kundig was in die

**11** 4*a* Mosia 29:40–44.

20*a* Alma 10:32.

[a]planne van die duiwel, sodat hy dit wat goed was mag vernietig; daarom het hy aan Amulek gesê: Sal jy die vrae beantwoord wat ek aan jou sal stel?

22 En Amulek het aan hom gesê: Ja, as dit is volgens die [a]Gees van die Here, wat in my is; want ek sal niks sê wat teenstrydig is met die Gees van die Here nie. En Zeesrom het aan hom gesê: Kyk, hier is ses onties van silwer, en al hierdie sal ek jou gee as jy die bestaan sal ontken van ′n Opperwese.

23 Nou het Amulek gesê: O jou [a]kind van die hel, hoekom [b]versoek jy my? Weet jy dat die regverdiges nie toegee aan enige sulke versoekings nie?

24 Glo jy dat daar geen God is nie? Ek sê vir jou, Nee, jy weet daar is ′n God, maar jy is liewer vir daardie [a]gewin as vir Hom.

25 En nou het jy vir my gelieg voor God. Jy het aan my gesê—Kyk hierdie ses onties, wat van groot waarde is, sal ek vir jou gee—toe jy dit in jou hart gehad het om hulle van my terug te hou; en dit was slegs jou begeerte dat ek die ware en lewende God moes loën, sodat jy rede mag hê om my te vernietig. En nou kyk, vir hierdie groot sonde sal jy jou loon kry.

26 En Zeesrom het aan hom gesê: Jy sê daar is ′n ware en lewende God?

27 En Amulek het gesê: Ja, daar is ′n ware en lewende God.

28 Nou het Zeesrom gesê: Is daar meer as een God?

29 En hy het geantwoord, Nee.

30 Nou het Zeesrom weer aan hom gesê: Hoe weet jy hierdie dinge?

31 En hy het gesê: ′n [a]Engel het hulle aan my bekend gemaak.

32 En Zeesrom het weer gesê: Wie is Hy wat sal kom? Is dit die Seun van God?

33 En hy het aan hom gesê, Ja.

34 En Zeesrom het weer gesê: Sal Hy sy volk red [a]in hulle sondes? En Amulek het geantwoord en aan hom gesê: Ek sê vir jou Hy sal nie, want dit is onmoontlik vir Hom om sy woord te loën.

35 Nou het Zeesrom aan die volk gesê: Sien dat julle hierdie dinge onthou; want hy het gesê dat daar slegs een God is, tog sê hy dat die Seun van God sal kom, maar Hy sal nie sy volk red nie—asof hy gesag het om God te beveel.

36 Nou het Amulek weer aan hom gesê: Kyk, jy het gelieg, want jy sê ek het gespreek asof ek gesag gehad het om God te beveel, omdat ek gesê het dat Hy sy volk nie in hulle sondes sal red nie.

37 En ek sê vir julle weer dat Hy hulle nie in hulle [a]sondes kan red nie; want ek kan sy woord nie loën nie, en Hy het gesê dat [b]geen onrein ding die [c]koninkryk van die

---

21 *a* Alma 10:13.
22 *a* GS Heilige Gees.
23 *a* Alma 5:41.
*b* GS Versoek, Versoeking.
24 *a* 1 Tim. 6:10; Tit. 1:11.
31 *a* Alma 10:7–10.
34 *a* Hel. 5:10–11.
37 *a* 1 Kor. 6:9–10.
*b* 1 Ne. 15:33; Alma 40:26; 3 Ne. 27:19. GS Boos, Boosheid.
*c* GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.

hemel kan beërwe nie; daarom, hoe kan julle gered word, tensy julle die koninkryk van die hemel beërwe? Daarom, julle kan nie in julle sondes gered word nie.
38 Nou sê Zeesrom weer aan hom: Is die Seun van God die ware Ewige Vader?
39 En Amulek het aan hom gesê: Ja, Hy is die ware [a]Ewige Vader van die hemel en die aarde, en [b]alle dinge wat in hulle is; Hy is die begin en die einde, die eerste en die laaste;
40 En Hy sal in die [a]wêreld kom om sy volk te [b]verlos; en Hy sal die oortredings van diegene wat glo in sy Naam op Hom [c]neem; en hierdie is hulle wat die ewige lewe sal hê, en heil kom na niemand anders nie.
41 Daarom bly die bose asof daar [a]geen verlossing bewerkstellig is nie, behalwe vir losmaking van die bande van die dood; want kyk, die dag kom dat [b]almal sal opstaan uit die dood en voor God staan, en [c]geoordeel word volgens hulle werke.
42 Nou, daar is 'n dood wat 'n tydelike dood genoem word; en die dood van Christus sal die [a]bande van hierdie tydelike dood losmaak, sodat almal opgewek sal word uit hierdie tydelike dood.
43 Die gees en die liggaam sal weer [a]herenig word in sy volmaakte vorm; beide ledemate en gewrig sal tot hulle natuurlike gestalte herstel word, net soos ons nou is op hierdie tydstip; en ons sal gebring word om te staan voor God, en weet net soos ons nou weet, en 'n heldere [b]herinnering hê van al ons [c]skuld.
44 Nou, hierdie herstelling sal tot almal kom, beide oud en jonk, beide gevangene en vrymanne, beide man en vrou, beide die bose en die regverdiges; en selfs sal daar nie soveel as 'n haar van hulle hoofde verlore gaan nie; maar elke ding sal [a]herstel word tot sy volmaakte gestalte, soos dit nou is, of in die liggaam, en sal gebring en gestel word voor die regbank van Christus die Seun, en God die [b]Vader, en die Heilige Gees, wat [c]een Ewige God is, om [d]geoordeel te word volgens hulle werke, of hulle goed en of hulle boos is.
45 Nou, kyk, ek het met julle gespreek aangaande die dood van die sterflike liggaam, en ook aangaande die [a]opstanding van die sterflike liggaam. Ek sê vir julle

39 *a* Jes. 9:6.
*b* Kol. 1:16; Mosia 4:2.
40 *a* GS Wêreld.
*b* Rom. 11:26–27.
*c* Ex. 34:6–7; Jes. 53:5; 1 Joh. 2:2; Mosia 14:5; 15:12; L&V 19:16–19.
41 *a* Alma 12:18; L&V 88:33.
*b* Openb. 20:12–13; Alma 42:23.
*c* GS Oordeel, Die Laaste.
42 *a* Alma 12:16.
43 *a* 2 Ne. 9:13; Alma 40:23.
*b* 2 Ne. 9:14; Mosia 3:25; Alma 5:18.
*c* GS Skuld.
44 *a* Alma 41:12–15.
*b* GS God, Godheid—God die Vader.
*c* 3 Ne. 11:27, 36. GS God, Godheid.
*d* Openb. 20:12–13.
45 *a* Alma 40:23; L&V 88:16.

dat hierdie sterflike liggaam [b]opgewek word tot ’n [c]onsterflike liggaam, dit is, uit die dood, en wel van die eerste dood tot die lewe, sodat hulle nie meer kan [d]sterwe nie; hulle geeste verenig met hulle liggame, om nooit geskei te word nie; sodoende word die geheel [e]geestelik en onsterflik, sodat hulle nie meer verderwing kan sien nie.
46 Nou, toe Amulek hierdie woorde voltooi het, het die volk weer begin om verbaas te wees, en ook Zeesrom het begin om te bewe. En so het die woorde van Amulek geëindig, of dit is al wat ek geskrywe het.

## HOOFSTUK 12

*Alma praat met Zeesrom—Die verborgenhede van God kan slegs gegee word aan die getroues—Mense word geoordeel deur hulle gedagtes, oortuiginge, woorde, en werke—Die goddelose sal ’n geestelike dood ly—Hierdie sterflike lewe is ’n proeftoestand—Die plan van verlossing bring die Opstanding teweeg en, deur geloof, ’n vergifnis van sondes—Bekeerlinge het ’n reg op barmhartigheid deur die Eniggebore Seun. Ongeveer 82 v.C.*

NOU het Alma, toe hy sien dat die woorde van Amulek vir Zeesrom stilgemaak het, want hy het gesien dat Amulek hom betrap het in sy [a]leuens en bedrog om hom te vernietig, en toe hy sien dat hy begin bewe, onder ’n [b]besef van sy skuld, het hy sy mond oopgemaak en met hom begin spreek, en om die woorde van Amulek te bevestig, en om dinge verder te verduidelik, of om die skrifture verder te ontvou as wat Amulek dit gedoen het.
2 Nou die woorde wat Alma met Zeesrom gespreek het is deur die volk rondomheen gehoor; want die skare was groot, en hy het op hierdie wyse gespreek:
3 Nou Zeesrom, jy sien dat jy betrap is in jou leuens en listigheid, want jy het nie vir mense alleen gelieg nie, maar jy het ook vir God gelieg; want kyk, Hy ken al jou [a]gedagtes, en jy sien dat jou gedagtes aan ons bekend gemaak word deur sy Gees;
4 En jy sien dat ons weet dat jou plan ’n baie listige plan was, soos die listigheid van die duiwel, om te lieg en hierdie volk te bedrieg sodat jy hulle teen ons mag opsweep, om ons te beledig en ons uit te werp—
5 Nou dit was ’n plan van jou [a]teenstander, en hy het sy krag getoon in jou. Nou wil ek hê dat jy moet onthou dat wat ek aan jou sê, sê ek aan almal.
6 En kyk, ek sê vir julle almal dat dit ’n strik was van die teenstander, wat hy gestel het om hierdie volk te vang, sodat hy julle onderdanig mag maak aan hom,

45 *b* GS Opstanding.
*c* GS Onsterflik, Onsterflikheid.
*d* Openb. 21:4; L&V 63:49; 88:116.
*e* 1 Kor. 15:44.
**12** 1 *a* Alma 11:20–38.
*b* GS Gewete.
3 *a* Jakob 2:5; Alma 10:17; L&V 6:16.
5 *a* GS Duiwel.

sodat hy julle mag omknel met sy [a]kettings, sodat hy julle mag vasketting vir die ewigdurende vernietiging, volgens die mag van sy slawerny.

7 Nou toe Alma hierdie woorde gespreek het, het Zeesrom meer uitermate begin bewe, want hy was al hoe meer oortuig van die krag van God; en hy was ook oortuig dat Alma en Amulek ʼn kennis gehad het omtrent hom, want hy was oortuig dat hulle die gedagtes en bedoelings van sy hart geken het; want mag is aan hulle gegee dat hulle mag weet van hierdie dinge volgens die gees van profesie.

8 En Zeesrom het ywerig begin om hulle uit te vra, sodat hy meer mag weet aangaande die koninkryk van God. En hy het aan Alma gesê: Wat beteken dit wat Amulek gespreek het aangaande die opstanding van die dode, dat almal sal opstaan uit die dood, beide die regverdiges en die onregverdiges, en gebring word om te staan voor God, om geoordeel te word volgens hulle werke?

9 En nou het Alma begin om hierdie dinge aan hom uit te lê, en gesê: Dit word aan baie gegee om die [a]verborgenhede van God te ken, nieteenstaande word hulle onder ʼn streng gebod geplaas dat hulle nie sal meedeel nie, [b]slegs volgens die gedeelte van sy woord wat Hy aan die kinders van mense skenk, volgens die gehoorsaamheid en die ywer wat hulle aan Hom gee.

10 En daarom, hy wat sy hart sal [a]verhard, ontvang die [b]mindere gedeelte van die woord; en hy wat [c]nie sy hart sal verhard nie, aan hom word ʼn groter gedeelte [d]gegee van die woord, totdat dit aan hom gegee word om die verborgenhede van God te ken, totdat hy hulle ten volle ken.

11 En hulle wat hulle harte sal verhard, aan hulle word die mindere [a]gedeelte van die woord gegee, totdat hulle [b]niks weet aangaande sy verborgenhede nie; en dan word hulle gevange geneem deur die duiwel, en gelei deur sy wil tot vernietiging toe. Nou, dit is wat bedoel word met die [c]kettings van die [d]hel.

12 En Amulek het duidelik gespreek aangaande die [a]dood, en van die opstanding uit hierdie sterflikheid tot ʼn toestand van onsterflikheid, en om gebring te word voor die regbank van God, om [b]geoordeel te word volgens ons werke.

13 Dan as ons harte verhard is, ja, as ons ons harte verhard het teen die woord, in soverre dat dit

6*a* Alma 5:7–10.
9*a* Alma 26:22.
GS Verborgenhede van God.
*b* Joh. 16:12; Alma 29:8; 3 Ne. 26:8–11; Ether 4:7.
10*a* 2 Ne. 28:27; Ether 4:8.
*b* L&V 93:39.
*c* GS Nederig, Nederigheid.
*d* 2 Ne. 28:30; L&V 50:24.
11*a* Matt. 25:29.
*b* GS Afval.
*c* Joh. 8:34; 2 Ne. 28:19.
*d* Spr. 9:18; 2 Ne. 2:29. GS Hel.
12*a* Alma 11:41–45.
*b* GS Oordeel, Die Laaste.

nie in ons bevind is nie, dan sal ons toestand vreeslik wees, want dan sal ons veroordeel word.

14 Want ons [a]woorde sal ons veroordeel, ja, al ons werke sal ons veroordeel; ons sal nie vlekkeloos bevind word nie; en ons gedagtes sal ons ook veroordeel; en in hierdie vreeslike toestand sal ons nie durf opkyk na ons God nie; en ons sal nogal bly wees as ons die rotse en die [b]berge kon beveel om op ons te val om ons van sy teenwoordigheid te [c]verberg.

15 Maar dit kan nie wees nie; ons moet uitkom en voor Hom staan in sy heerlikheid, en in sy krag, en in sy mag, majesteit, en heerskappy, en beken tot ons ewigdurende [a]skande dat al sy [b]oordele regverdig is; dat Hy regverdig is in al sy werke, en dat Hy barmhartig is teenoor die kinders van mense, en dat Hy alle mag het om elke mens te red wat glo in sy Naam en vrugte voortbring wat by bekering pas.

16 En nou, kyk, ek sê vir julle dan kom ′n dood, naamlik ′n tweede [a]dood, wat ′n geestelike dood is; dan kom ′n tyd dat wie ook al sterf in sy sonde, wat die tydelike [b]dood betref, ook ′n geestelike dood sal [c]sterf; ja, hy sal sterf wat die dinge van regverdigheid betref.

17 Dan is dit die tyd dat hulle pynigings sal wees soos ′n [a]poel van vuur en swael, waarvan die vlam opstyg vir ewig en ewig; en dan is die tyd dat hulle vasgeketting sal wees aan ′n ewigdurende vernietiging, volgens die mag en slawerny van Satan, omdat hy hulle onderwerp het aan sy wil.

18 Dan, ek sê vir julle, sal hulle wees asof daar [a]geen verlossing teweeggebring is nie; want hulle kan nie verlos word volgens God se geregtigheid nie; en hulle kan nie [b]sterwe nie, aangesien daar geen verganklikheid meer is nie.

19 Nou, dit het gebeur dat toe Alma ′n einde gemaak het om hierdie woorde te spreek, het die volk meer verbaas begin word;

20 Maar daar was ene Antiona, wat ′n hoofleier onder hulle was; hy het na vore gekom en aan hom gesê: Wat is dit wat jy gesê het, dat ′n mens sal opstaan uit die dood en verander word van hierdie sterflike in ′n [a]onsterflike toestand, sodat die siel nooit kan sterf nie?

21 Wat beteken die skriftuur wat sê dat God [a]gérubs en ′n vlammende swaard aan die oostekant van die tuin van [b]Eden geplaas

14 *a* Matt. 12:36; Jak. 3:6; Mosia 4:29–30.
*b* Hos. 10:8; 2 Ne. 26:5.
*c* Job 34:22; 2 Ne. 12:10.
15 *a* Mosia 3:25.
*b* 2 Petr. 2:9. GS Geregtigheid.
16 *a* GS Dood, Geestelike.
*b* Alma 11:40–45.
*c* 1 Ne. 15:33; Alma 40:26.
17 *a* Openb. 19:20; 21:8; Mosia 3:27.
18 *a* Alma 11:41.
*b* Openb. 21:4; Alma 11:45; L&V 63:49.
20 *a* GS Onsterflik, Onsterflikheid.
21 *a* Gén. 3:24; Alma 42:2; Moses 4:31. GS Gérubs.
*b* GS Eden.

het, sodat ons eerste ouers nie sou binnegaan en van die vrug van die boom van die lewe neem, en vir ewig lewe nie? En so sien ons dat daar geen moontlike kans was dat hulle vir ewig sou lewe nie.

22 Nou het Alma aan hom gesê: Dit is die ding wat ek op die punt was om te verduidelik. Nou sien ons dat Adam [a]geval het deur van die verbode [b]vrug te neem, volgens die woord van God; en so sien ons, dat deur sy val, alle mense ʼn [c]verlore en gevalle volk geword het.

23 En nou, kyk, ek sê vir julle, dat as dit moontlik was vir Adam om op daardie tyd van die vrug van die boom van die lewe te [a]neem, daar geen dood sou wees nie, en die woord sou vergeefs wees, wat God tot leuenaar sou gemaak het, want Hy het gesê: [b]As jy eet, sal jy sekerlik sterwe.

24 En ons sien dat die [a]dood oor die mens kom, ja, die dood waarvan gespreek is deur Amulek, wat die tydelike dood is; nogtans is aan die [b]mens ʼn tydperk gegun waarin hy mag bekeer; daarom het hierdie lewe ʼn toetsing geword; ʼn tyd om [c]voor te berei om God te ontmoet; ʼn tyd om voor te berei vir daardie eindelose toestand waarvan deur ons gespreek is, wat na die opstanding van die dode is.

25 Nou, as dit nie was vir die [a]plan van verlossing nie, wat gesmee is vanaf die grondlegging van die wêreld, kon daar geen [b]opstanding van die dode gewees het nie; maar daar was ʼn plan van verlossing gesmee, wat die opstanding van die dode sal teweegbring, waarvan gespreek is.

26 En nou kyk, as dit moontlik was dat ons eerste ouers kon uitgaan en van die [a]boom van die lewe kon geneem het, sou hulle vir ewig ellendig gewees het, omdat hulle geen voorbereidende toestand gehad het nie; en so sou die [b]plan van verlossing verydel gewees het, en die woord van God sou tevergeefs gewees het, en geen uitwerking hê nie.

27 Maar kyk, dit was nie so nie; maar dit is vir mense [a]vasgestel dat hulle moet sterwe; en na die dood moet hulle [b]geoordeel word, en wel daardie selfde oordeel waarvan ons gespreek het, wat die einde is.

28 En nadat God bepaal het dat hierdie dinge na die mens moet kom, kyk, toe het Hy gesien dat dit raadsaam was dat die mens omtrent die dinge sou weet wat Hy vir hulle bepaal het.

22*a* GS Val van Adam en Eva.
*b* Gén. 3:6; 2 Ne. 2:15–19; Mosia 3:26.
*c* Mosia 16:4–5.
23*a* Alma 42:2–9.
*b* Gén. 2:17.
24*a* GS Dood, Fisiese.
*b* 2 Ne. 2:21; Moses 5:8–12.
*c* Alma 34:32–35.
25*a* GS Plan van Verlossing.
*b* 2 Ne. 2:8; Alma 7:12; 42:23.
26*a* Gén. 2:9; 1 Ne. 15:36; Alma 32:40.
*b* Alma 34:8–16; 42:6–28; Moses 6:59–62.
27*a* Job 7:1; Hebr. 9:27; L&V 42:48.
*b* GS Oordeel, Die Laaste.

29 Daarom het Hy [a]engele ge-
stuur om met hulle te spreek, wat
die mens die heerlikheid van God
laat sien het.
30 En hulle het van daardie tyd
af begin om sy Naam aan te roep;
daarom het God met die mens
[a]gespreek, en aan hulle sy [b]plan
van verlossing bekend gemaak,
wat berei is vanaf die [c]grondleg-
ging van die wêreld; en dit het Hy
aan hulle bekend gemaak volgens
hulle geloof en bekering, en hulle
heilige werke.
31 Daarom, Hy het [a]gebooie aan
die mens gegee, omdat hulle [b]eer-
ste die eerste gebooie oortree het
aangaande die dinge wat stoflik
was, en soos gode geword het,
wat goed van kwaad [c]geken het,
en hulleself in ′n posisie geplaas
het om te [d]handel, of geplaas was
in ′n toestand om te handel vol-
gens hulle wil en welbehae, om
kwaad of goed te doen—
32 Daarom het God aan hulle ge-
booie gegee, nadat Hy aan hulle
die plan van verlossing [a]bekend
gemaak het, dat hulle nie kwaad
mag doen nie, waarvoor die straf
′n tweede [b]dood is, wat ′n ewig-
durende dood is wat betref die
dinge van [c]regverdigheid; want
oor sulkes kon die plan van ver-
lossing geen krag gehad het nie,
want die werke van geregtigheid
kan nie vernietig word, volgens
die allesoortreffende goedheid
van God nie.
33 Maar God het op die mens
′n beroep gedoen, in die Naam
van sy Seun, (dit was die plan van
verlossing wat vasgestel was), en
gesê: As julle sal bekeer, en nie
julle harte verhard nie, dan sal
Ek barmhartig wees teenoor julle,
deur my Eniggebore Seun;
34 Daarom, wie ook al bekeer, en
nie sy hart verhard nie, hy sal ge-
regtig wees om [a]barmhartigheid te
ontvang deur my Eniggebore Seun,
tot [b]vergifnis van sy sonde; en die-
sulkes sal [c]my rus binnegaan.
35 En wie ook al sy hart sal ver-
hard en ongeregtigheid sal doen,
kyk, Ek sweer in my toorn dat hy
my rus nie sal binnegaan nie.
36 En nou, my broers, kyk, ek
sê vir julle, dat as julle jul harte
sal verhard, julle nie die rus
van die Here sal binnegaan nie;
daarom vertoorn julle ongereg-
tigheid Hom, sodat Hy sy toorn
op julle afstuur soos tydens die
[a]eerste uittarting, ja, volgens sy
woord, in die laaste uittarting so-
wel as die eerste, tot die ewigdu-
rende [b]vernietiging van julle siele;
daarom, volgens sy woord, tot die
laaste dood, sowel as die eerste.

29 *a* Moro. 7:25, 31; L&V 29:42.
30 *a* Moses 5:4–5; 6:51.
*b* GS Plan van Verlossing.
*c* Mosia 18:13; Alma 13:3, 5, 7–8.
31 *a* GS Gebooie van God.
*b* Gén. 2:16–17; 2 Ne. 2:18–19.
*c* Gén. 3:22–23; Moses 4:11.
*d* 2 Ne. 2:16. GS Handelingsmag.
32 *a* Moses 5:4–9.
*b* GS Dood, Geestelike.
*c* Mosia 15:27; Alma 34:15–16; 42:15.
34 *a* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
*b* GS Vergifnis van Sondes.
*c* GS Rus.
36 *a* Jakob 1:7–8; Alma 42:6, 9, 14.
*b* GS Verdoemenis.

37 En nou, my broers, aangesien
ons hierdie dinge weet, en hulle is
waar, laat ons bekeer, en nie ons
harte verhard nie, sodat ons nie
die Here ons God [a]uittart dat ons
sy toorn op ons neertrek in hier-
die, sy tweede gebooie wat Hy
aan ons gegee het nie; maar laat
ons die [b]rus van God binnegaan,
wat berei is volgens sy woord.

## HOOFSTUK 13

*Mans word geroep as hoëpriesters vanweë hulle uitnemende geloof en goeie werke—Hulle moet die gebooie onderrig—Deur regverdigheid word hulle geheilig en gaan die rus van die Here binne—Melgisédek was een van hulle—Engele verkondig blye tydings dwarsdeur die land—Hulle sal die werklike koms van Christus verkondig. Ongeveer 82 v.C.*

EN verder, my broers, ek wil julle
gedagtes vorentoe neem na die
tyd toe die Here God hierdie ge-
booie aan sy kinders gegee het; en
ek wil hê dat julle moet onthou
dat die Here God priesters [a]ge-
ordineer het, volgens sy heilige
orde, wat volgens die orde van sy
Seun was, om hierdie dinge aan
sy volk te leer.
2 En daardie priesters is geor-
dineer volgens die [a]orde van sy
Seun, op 'n [b]wyse dat die volk
daardeur mag weet op watter
wyse hulle mag uitsien na sy
Seun om verlossing.
3 En dit is die wyse waarvol-
gens hulle geordineer is—hulle
is [a]geroep en [b]voorberei vanaf
die [c]grondlegging van die wê-
reld volgens die [d]voorkennis van
God, vanweë hulle uitnemende
geloof en goeie werke; in die eer-
ste plek is hulle gelaat om goed
of kwaad te [e]kies; daarom, omdat
hulle die goeie gekies het, en om-
dat hulle uitermate groot [f]geloof
beoefen het, word hulle [g]geroep
met 'n heilige roeping, ja, met
daardie heilige roeping wat berei
was met, en volgens, 'n voorberei-
dende verlossing vir sodaniges.
4 En aldus is hulle [a]geroep tot
hierdie heilige roeping vanweë
hulle geloof, terwyl ander die
Gees van God sou verwerp van-
weë die hardheid van hulle harte
en blindheid van hulle verstand,
terwyl, as dit nie hiervoor was
nie, mag hulle 'n ewe groot [b]voor-
reg geniet het as hulle broers.
5 Of kortom, in die eerste plek
was hulle [a]gelyk aan hul broers;
dus was hierdie heilige roeping
berei vanaf die grondlegging van
die wêreld vir diesulkes wat nie
hulle harte sou verhard nie, en dit
is in, en deur, die versoening van

37*a* 1 Ne. 17:30; Jakob 1:8; Hel. 7:18.
*b* Alma 13:6–9.
**13** 1*a* Abr. 2:9, 11.
2*a* L&V 107:2–4.
*b* Alma 13:16.
3*a* L&V 127:2. GS Verkiesing; Voorafverordinering.
*b* L&V 138:55–56.
*c* Alma 12:25, 30. GS Vooraardse Lewe.
*d* L&V 38:2.
*e* GS Handelingsmag.
*f* GS Geloof, Glo.
*g* GS Priesterskap; Roep, Geroepe van God, Roeping.
4*a* Ether 12:10.
*b* 1 Ne. 17:32–35.
5*a* 2 Ne. 26:28.

die Eniggebore Seun, wat berei
was—
6 En aldus is hulle geroep deur
hierdie heilige roeping, en geordi-
neer tot die hoëpriesterskap van
die heilige orde van God, om sy
gebooie te onderrig aan die kin-
ders van mense, sodat hulle ook
sy [a]rus mag binnegaan—
7 Hierdie hoëpriesterskap is vol-
gens die orde van sy Seun, welke
orde vanaf die grondlegging van
die wêreld was; of, met ander
woorde, dit is [a]sonder begin van
dae, of einde van jare, en is berei
van ewigheid tot alle ewigheid,
volgens sy [b]voorkennis van alle
dinge—
8 Nou is hulle [a]geordineer op
hierdie wyse—hulle is geroep
met ′n heilige roeping, en geor-
dineer met ′n heilige ordinansie,
en het die hoëpriesterskap van
die heilige orde op hulle geneem,
welke roeping, en ordinansie, en
hoëpriesterskap, sonder begin of
einde is—
9 So word hulle [a]hoëpriesters
vir ewig, volgens die orde van
die Seun, die Eniggeborene van
die Vader, wat sonder begin van
dae of einde van jare is, wat vol
[b]genade, billikheid en waarheid
is. En so is dit. Amen.
10 Nou, soos ek gesê het aan-
gaande die heilige orde, of hier-
die [a]hoëpriesterskap, is daar baie
wat geordineer is en hoëpriesters
van God geword het; en dit was
vanweë hulle uitnemende geloof
en [b]bekering, en hulle regver-
digheid voor God, omdat hulle
verkies het om te bekeer en reg-
verdigheid te doen eerder as om
te vergaan;
11 Daarom is hulle geroep vol-
gens hierdie heilige orde, en is
[a]geheilig, en hulle [b]kleding is wit
gewas deur die bloed van die
Lam.
12 Nou, nadat hulle [a]geheilig
is deur die [b]Heilige Gees, omdat
hulle kleding wit gemaak is, om-
dat hulle [c]rein en vlekkeloos voor
God was, kon nie [d]sonde aanskou
nie tensy dit met [e]afkeer was; en
daar was baie, uitermate baie, wat
rein gemaak is en die rus van die
Here hulle God binnegegaan het.
13 En nou, my broers, ek wil hê
dat julle jul voor God moet ver-
ootmoedig, en [a]vrugte voortbring
wat pas by bekering, dat julle ook
daardie rus mag binnegaan.
14 Ja, verootmoedig julleself net
soos die volk in die dae van [a]Mel-
gisédek, wat ook ′n hoëpriester
was volgens hierdie selfde orde

6 *a* Alma 12:37; 16:17.
GS Rus.
7 *a* Hebr. 7:3.
*b* GS God, Godheid.
8 *a* L&V 84:33–42.
GS Melgisédekse
Priesterskap.
9 *a* GS Hoëpriester.
*b* 2 Ne. 2:6.
GS Genade.
10 *a* L&V 84:18–22.
*b* GS Bekeer, Bekering.
11 *a* Moses 6:59–60.
*b* 1 Ne. 12:10;
Alma 5:21–27;
3 Ne. 27:19–20.
12 *a* Rom. 8:1–9.
GS Heiligmaking.
*b* GS Heilige Gees.
*c* GS Suiwer, Suiwerheid.
*d* Mosia 5:2;
Alma 19:33.
*e* Spr. 8:13;
Alma 37:29.
13 *a* Lk. 3:8.
14 *a* JSV Gén. 14:25–40
(Bylae);
L&V 84:14.
GS Melgisédek.

waarvan ek gespreek het, wat ook die hoëpriesterskap op homself geneem het vir ewig.

15 En dit was hierdie selfde Melgisédek aan wie [a]Abraham [b]tiendes betaal het; ja, selfs ons vader Abraham het tiendes betaal van een tiende deel van alles wat hy besit het.

16 Nou is hierdie [a]ordinansies op hierdie wyse gegee, dat die volk daardeur mag uitsien na die Seun van God, dit was ʼn [b]versinnebeeld van sy orde, of dit was sy orde, en dit dat hulle mag uitsien na Hom vir ʼn vergifnis van hulle sondes, sodat hulle die rus van die Here mag binnegaan.

17 Nou hierdie Melgisédek was ʼn koning oor die land Salem; en sy volk het toegeneem in ongeregtigheid en gruwel; ja, hulle het almal afgedwaal; hulle was vol allerlei booshede.

18 Maar Melgisédek, omdat hy magtige geloof beoefen het, en die amp van die hoëpriesterskap ontvang het volgens die [a]heilige orde van God, het bekering gepreek aan sy volk. En kyk, hulle het bekeer; en Melgisédek het vrede gevestig in die land in sy dae; daarom is hy die vredevors genoem, want hy was die koning van Salem; en hy het onder sy vader geheers.

19 Nou, daar was [a]baie voor hom, en daar was ook baie daarna, maar [b]niemand was groter nie; daarom, van hom het hulle meer in besonder melding gemaak.

20 Nou hoef ek nie die saak te verhaal nie; wat ek gesê het, behoort voldoende te wees. Kyk, die [a]skrifture is voor julle; as julle hulle sal [b]verdraai, sal dit tot julle eie vernietiging wees.

21 En nou, dit het gebeur dat toe Alma hierdie woorde aan hulle gesê het, het hy sy hand uitgestrek na hulle en met ʼn magtige stem uitgeroep, en gesê: Nou is die tyd om te [a]bekeer, want die dag van heil kom nader;

22 Ja, en die stem van die Here, deur die [a]mond van engele, verkondig dit aan alle nasies; ja, verkondig dit, sodat hulle blye tydings van groot blydskap mag hê; ja, en Hy laat hierdie blye tydings weerklink onder sy hele volk, ja, aan hulle wat ver en wyd verstrooi is op die aangesig van die aarde; daarom het dit na ons gekom.

23 En dit is aan ons bekendgemaak in [a]duidelike terme, sodat ons mag verstaan, dat ons nie kan dwaal nie; en dit omdat ons [b]swerwers in ʼn vreemde land is; daarom, ons word dus hoog begunstig, want hierdie blye

15*a* GS Abraham.
*b* Gén. 14:18–20; Mal. 3:8–10. GS Tiende, Tiendes.
16*a* GS Ordinansies.
*b* GS Simbolisme.
18*a* GS Melgisédekse Priesterskap.
19*a* Hel. 8:18; L&V 84:6–16; 107:40–55.
*b* L&V 107:1–4.
20*a* GS Skrifture.
*b* 2 Petr. 3:16; Alma 41:1.
21*a* GS Bekeer, Bekering.
22*a* Alma 10:20.
23*a* 2 Ne. 25:7–8; 31:3; 32:7; Jakob 4:13; Ether 12:39.
*b* Jakob 7:26.

tydings is aan ons verkondig in alle dele van ons wingerd.

24 Want kyk, [a]engele verkondig dit in hierdie tyd aan baie in ons land; en dit is met die doel om die harte van die kinders van mense voor te berei om sy woord te ontvang ten tyde van sy koms in sy heerlikheid.

25 En nou wag ons net om die blye nuus te hoor wat aan ons verkondig word by monde van engele, van sy koms; want die tyd kom, ons [a]weet nie hoe gou nie. Mag God gee dat dit in my tyd mag wees; maar laat dit gouer of later wees, daarin sal ek my verbly.

26 En dit sal bekendgemaak word aan [a]regverdige en heilige manne, by monde van engele, ten tyde van sy koms, sodat die woorde van ons vaders vervul mag word, volgens dit wat hulle gespreek het aangaande Hom, wat volgens die gees van profesie was wat in hulle was.

27 En nou, my broers, ek [a]wens uit die diepste deel van my hart, ja, met groot benoudheid en wel tot pyn toe, dat julle op my woorde sal ag slaan, en julle sondes afwerp, en nie die dag van julle bekering uitstel nie;

28 Maar dat julle jul sal verootmoedig voor die Here, en sy heilige Naam aanroep, en gedurig [a]waak en bid, dat julle nie [b]versoek mag word bo dit wat julle kan verduur nie, en sodoende gelei word deur die Heilige Gees, en nederig, [c]sagmoedig, onderdanig, geduldig, vol liefde en alle lankmoedigheid word;

29 En [a]geloof het in die Here; en 'n hoop het dat julle die ewige lewe sal ontvang; en die [b]liefde van God altyd in julle harte hê, dat julle verhef mag word op die laaste dag en sy rus [c]binnegaan.

30 En mag die Here aan julle bekering skenk, dat julle nie sy toorn op julle mag afbring nie, dat julle nie vasgebind mag word deur die kettings van die [a]hel nie, dat julle nie die tweede [b]dood mag ly nie.

31 En Alma het baie meer woorde met die volk gespreek, wat nie in hierdie boek geskrywe is nie.

## HOOFSTUK 14

*Alma en Amulek word opgesluit in die gevangenis en geslaan—Die gelowiges en hulle heilige skrifture word verbrand deur vuur—Hierdie martelaars word deur die Here in heerlikheid ontvang—Die gevangenis se mure word geskeur en val—Alma en Amulek word bevry, en hulle vervolgers word gedood. Ongeveer 82–81 v.C.*

En dit het gebeur nadat hy 'n einde gemaak het om met die

24*a* Alma 10:10; 39:19.
25*a* 1 Ne. 10:4; 3 Ne. 1:13.
26*a* Amos 3:7; Lk. 2:8–11.
27*a* Mosia 28:3.
28*a* GS Gebed; Waak, Wagte.
*b* 1 Kor. 10:13.
*c* GS Geduld; Sagmoedig, Sagmoedigheid.
29*a* Alma 7:24.
*b* L&V 20:31; 76:116. GS Naasteliefde.
*c* L&V 84:24.
30*a* GS Hel; Verdoemenis.
*b* GS Dood, Geestelike.

volk te spreek, het baie van hulle in sy woorde geglo, en begin om te bekeer, en om die [a]skrifture te ondersoek.
2 Maar die grootste deel van hulle was begerig dat hulle Alma en Amulek mag vernietig; want hulle was kwaad vir Alma, vanweë die [a]duidelikheid van sy woorde aan Zeesrom; en hulle het ook gesê dat Amulek vir hulle [b]gelieg het, en uitgevaar het teen hulle wet, en ook teen hul regsgeleerdes en hul regters.
3 En hulle was ook kwaad vir Alma en Amulek; en omdat hulle so duidelik getuig het teen hul boosheid, het hulle gesoek om hulle in die geheim dood te maak.
4 Maar dit het gebeur dat hulle dit nie gedoen het nie, maar hulle het hul geneem en vasgebind met sterk toue, en hulle voor die hoofregter van die land geneem.
5 En die volk het na vore gekom en teen hulle getuig—en getuig dat hulle uitgevaar het teen die wet, en hulle regsgeleerdes en regters van die land, en ook van al die mense wat in die land was; en ook getuig dat daar net een God was, en dat Hy sy Seun sou stuur onder die volk maar dat Hy hulle nie sou red nie; en baie sulke dinge het die volk teen Alma en Amulek getuig. Nou dit is gedoen voor die hoofregter van die land.
6 En dit het gebeur dat Zeesrom verbaas was oor die woorde wat gespreek is; en hy het ook geweet aangaande die blindheid van die verstande, wat hy veroorsaak het onder die volk deur sy leuenagtige woorde; en sy siel het begin om [a]verskeur te word onder 'n [b]besef van sy eie skuld; ja, hy het begin om omring te word deur die pyne van die hel.
7 En dit het gebeur dat hy tot die volk begin roep het, en gesê het: Kyk, ek is [a]skuldig, en hierdie manne is vlekkeloos voor God. En hy het vir hulle begin pleit van daardie tyd af aan; maar hulle het teen hom uitgevaar, en gesê: Is jy ook van die duiwel besete? En hulle het op hom gespoeg, en hom [b]uitgewerp uit hulle midde, en ook al diegene wat in die woorde geglo het wat deur Alma en Amulek gespreek is; en hulle het hulle uitgewerp, en manne gestuur om klippe na hulle te gooi.
8 En hulle het hul vroue en kinders bymekaargebring, en wie ook al geglo het of geleer is om te glo in die woord van God, dié het hulle in die vuur laat werp, en hulle het ook hulle kronieke na vore gebring wat die heilige skrifture bevat het, en hulle ook in die vuur gewerp, dat hulle verbrand en deur vuur vernietig mag word.
9 En dit het gebeur dat hulle Alma en Amulek geneem het, en hulle gebring het na die plek van marteling, sodat hulle die

**14** 1*a* 2 Kon. 22:8–13.
GS Skrifture.
2*a* Alma 12:3–7.
*b* Alma 10:27.
6*a* Alma 15:5.
*b* GS Gewete.
7*a* Alma 11:21–37.
*b* Alma 15:1.

vernietiging kon aanskou van
diegene wat deur die vuur ver-
teer is.
10 En toe Amulek die pyne sien
van die vroue en kinders wat in
die vuur verteer word, was hy ook
gepynig; en hy het aan Alma gesê:
Hoe kan ons hierdie verskriklike
toneel aanskou? Daarom, laat ons
ons hande uitstrek, en die [a]krag
van God wat in ons is uitoefen, en
hulle uit die vlamme red.
11 Maar Alma het aan hom gesê:
Die Gees dwing my dat ek nie my
hand moet uitstrek nie; want kyk,
die Here ontvang hulle tot Hom-
self, in [a]heerlikheid; en Hy laat
toe dat hulle hierdie ding mag
doen, of dat die mense hierdie
ding mag doen aan hulle, volgens
die hardheid van hulle harte, so-
dat die [b]oordele wat Hy op hulle
in sy toorn sal uitoefen, regver-
dig mag wees; en die [c]bloed van
die [d]onskuldiges sal staan as ′n
getuienis teen hulle, ja, en krag-
tig teen hulle op die laaste dag
uitroep.
12 Nou het Amulek aan Alma
gesê: Kyk, miskien sal hulle ons
ook verbrand.
13 En Alma het gesê: Laat dit
wees volgens die wil van die
Here. Maar, kyk, ons werk is nie
klaar nie; daarom verbrand hulle
ons nie.
14 Nou het dit gebeur dat toe die
liggame van diegene wat in die
vuur gewerp, verteer is, en ook
die kronieke wat saam met hulle
ingewerp is, het die hoofregter
van die land gekom en voor Alma
en Amulek gaan staan, terwyl
hulle vasgebind was; en hy het
hulle met sy hand op hulle wange
geslaan, en aan hulle gesê: Na wat
julle gesien het, sal julle weer vir
hierdie volk preek, dat hulle in ′n
[a]poel van vuur en swael gewerp
sal word?
15 Kyk, julle sien dat julle geen
mag gehad het om diegene te red
wat in die vuur gewerp was nie;
nóg het God hulle gered alhoe-
wel hulle van julle geloof was. En
die regter het hulle weer geslaan
op hulle wange, en gevra: Wat sê
julle vir julleself?
16 Nou was hierdie regter vol-
gens die orde en geloof van [a]Ne-
hor, wat Gídeon gedood het.
17 En dit het gebeur dat Alma
en Amulek hom niks geantwoord
het nie; en hy het hulle weer ge-
slaan, en hulle aan die amptenare
oorgelewer om in die gevangenis
gewerp te word.
18 En toe hulle drie dae in die
gevangenis gewerp was, het daar
baie [a]regsgeleerdes, en regters, en
priesters, en leraars gekom, wat
van die geloof van Nehor was;
en hulle het in die gevangenis ge-
kom om hulle te sien, en hulle het
hulle uitgevra oor baie woorde;
maar hulle het hulle niks geant-
woord nie.
19 En dit het gebeur dat die

10*a* Alma 8:30–31.
11*a* GS Heerlikheid.
*b* Ps. 37:8–13; Alma 60:13; L&V 103:3. GS Geregtigheid.
*c* GS Martelaar, Martelaarskap.
*d* Mosia 17:10.
14*a* Alma 12:17.
16*a* Alma 1:7–15.
18*a* Alma 10:14; 11:20.

regter voor hulle gestaan en
gesê het: Hoekom beantwoord
julle nie die woorde van hierdie
mense nie? Weet julle nie dat ek
mag het om julle oor te lewer aan
die vlamme nie? En hy het hulle
beveel om te spreek; maar hulle
het niks geantwoord nie.
20 En dit het gebeur dat hulle
vertrek het en hulle weë gegaan
het, maar hulle het weer die volgende
dag gekom; en die regter
het hulle weer op hulle wange geslaan.
En baie het ook na vore gekom,
en hulle geslaan, en gesê:
Sal julle weer staan en hierdie
volk oordeel, en ons wet veroordeel?
As julle sulke groot mag
het, waarom [a]bevry julle nie julself
nie?
21 En baie sulke dinge het hulle
aan hulle gesê, terwyl hulle op
hul tande gekners het teen hulle,
en op hulle gespoeg, en gesê het:
Hoe sal ons lyk wanneer ons verdoem
is?
22 En baie sulke dinge, ja, allerhande
sulke dinge het hulle aan
hulle gesê; en so het hulle hul
bespot vir baie dae. En hulle het
voedsel van hulle weerhou, sodat
hulle honger mag ly, en water,
sodat hulle dors mag ly; en
hulle het ook van hulle hul klere
weggeneem dat hulle naak was;
en so is hulle vasgebind met sterk
toue, en in die gevangenis gehou.
23 En dit het gebeur nadat hulle
so gely het vir baie dae lank, (en
dit was op die twaalfde dag, in
die tiende maand, in die tiende
jaar van die heerskappy van die
regters oor die volk van Nefi) dat
die hoofregter oor die land Ammoniha
en baie van hulle leraars
en hulle regsgeleerdes in die gevangenis
ingegaan het waar Alma
en Amulek vasgebind was met
toue.
24 En die hoofregter het voor
hulle gestaan, en hulle weer geslaan,
en aan hulle gesê: As julle
die mag van God het, bevry julleself
van hierdie bande, en dan
sal ons glo dat die Here hierdie
volk sal vernietig volgens julle
woorde.
25 En dit het gebeur dat hulle almal
na vore gekom en hulle geslaan
het, en dieselfde woorde
gesê het, en wel tot die laaste
toe; en toe die laaste met hulle gespreek
het, was die [a]krag van God
oor Alma en Amulek, en hulle het
opgestaan en op hulle voete gestaan.
26 En Alma het geroep, en gesê:
Hoe lank sal ons hierdie groot
[a]verdrukking verduur, o Here?
O Here, gee ons krag volgens
ons geloof wat in Christus is, en
wel tot bevryding. En hulle het
die toue gebreek waarmee hulle
gebind was; en toe die mense dit
sien, het hulle begin om te vlug,
want die vrees vir vernietiging
het oor hulle gekom.
27 En dit het gebeur dat hulle
vrees so groot was, dat hulle neergeval
het op die aarde, en nie die

20*a* Matt. 27:39–43.
25*a* Alma 8:31.
26*a* Jak. 5:10–11; Mosia 17:10–20; L&V 121:7–8.

buitenste deur van die [a]gevangenis bereik het nie; en die aarde het geweldig geskud, en die mure van die gevangenis is in twee geskeur sodat hulle op die aarde geval het; en die hoofregter en die regsgeleerdes, en die priesters, en die leraars, wat vir Alma en Amulek geslaan het, is gedood deur die val daarvan.

28 En Alma en Amulek het uit die gevangenis uitgekom en hulle was nie beseer nie; want die Here het mag aan hulle gegee, volgens hulle geloof wat in Christus was. En hulle het dadelik uit die gevangenis uitgekom; en hulle was [a]bevry van hulle bande; en die gevangenis het op die grond neergestort en elke siel binne die mure daarvan, behalwe Alma en Amulek, is gedood; en hulle het dadelik die stad binnegekom.

29 Nou, omdat die mense 'n groot geraas gehoor het, het hulle aangehardloop gekom in skares om die oorsaak daarvan te weet; en toe hulle Alma en Amulek uit die gevangenis sien uitkom, en dat die mure daarvan op die grond neergestort het, is hulle met groot vrees getref, en het gevlug van die teenwoordigheid van Alma en Amulek af, net soos 'n bok met haar kleintjies van twee leeus af vlug; en so het hulle van die teenwoordigheid van Alma en Amulek af gevlug.

## HOOFSTUK 15

*Alma en Amulek gaan na Sidom en stig 'n kerk—Alma genees Zeesrom, wat by die Kerk aansluit—Baie word gedoop, en die Kerk floreer—Alma en Amulek gaan na Zarahemla. Ongeveer 81 v.C.*

En dit het gebeur dat Alma en Amulek beveel is om uit daardie stad te vertrek, en hulle het vertrek, en uitgekom en wel sover as die land Sidom; en kyk, daar het hulle al die mense gevind wat vertrek het uit die land [a]Ammoniha, wat [b]uitgewerp en gestenig was, omdat hulle geglo het in die woorde van Alma.

2 En hulle het aan hulle alles vertel wat gebeur het met hulle [a]vroue en kinders en ook aangaande hulleself, en van hulle [b]mag van bevryding.

3 En ook Zeesrom het siek gelê in Sidom, met 'n brandende koors, wat veroorsaak is deur die groot beproewings van sy gemoed vanweë sy [a]boosheid, want hy het veronderstel dat Alma en Amulek nie meer leef nie; en hy het veronderstel dat hulle gedood is vanweë sy ongeregtigheid. En hierdie groot sonde, en sy baie ander sondes, het sy verstand verskeur totdat dit uitermate smartvol geword het, en hy het geen verlossing gehad nie; daarom het hy begin brand met 'n brandende hitte.

27 *a* Hand. 16:26; Ether 12:13.
28 *a* Jakob 4:6; 3 Ne. 28:19–22.
**15** 1 *a* Alma 16:2–3, 9, 11.
*b* Alma 14:7.
2 *a* Alma 14:8–14.
*b* Alma 14:28.
3 *a* Alma 14:6–7.

4 Nou, toe hy hoor dat Alma en Amulek in die land Sidom was, het sy hart begin om moed te skep; en hy het dadelik 'n boodskap na hulle gestuur, en begeer dat hulle na hom toe kom.

5 En dit het gebeur dat hulle dadelik gegaan het, en die boodskap gehoorsaam het wat hy aan hulle gestuur het; en hulle het ingegaan in die huis na Zeesrom; en hulle het hom op sy bed gevind, siek, en hy was baie swak met 'n brandende koors; en sy gemoed ook was uitermate beangs vanweë sy ongeregtighede; en toe hy hulle sien, het hy sy hand uitgestrek, en hulle gesmeek dat hulle hom moes genees.

6 En dit het gebeur dat Alma aan hom gesê het, terwyl hy hom by die hand neem: [a]Glo jy in die krag van Christus tot heil?

7 En hy het geantwoord en gesê: Ja, ek glo al die woorde wat jy geleer het.

8 En Alma het gesê: As jy in die verlossing van Christus glo, kan jy [a]genees word.

9 En hy het gesê: Ja, ek glo volgens jou woorde.

10 En toe het Alma tot die Here geroep, en gesê: O Here ons God, wees hierdie man barmhartig, en [a]genees hom volgens sy geloof, wat in Christus is.

11 En toe Alma hierdie woorde gesê het, het Zeesrom op sy voete [a]gespring, en begin om te loop; en dit is gedoen tot groot verbasing van al die mense; en die kennis hieromtrent het uitgegaan dwarsdeur die hele land Sidom.

12 En Alma het Zeesrom gedoop tot die Here; en hy het begin om van daardie tyd af te preek vir die volk.

13 En Alma het 'n kerk gestig in die land Sidom, en priesters en leraars geordineer in die land, om tot die Here te doop wie ook al begerig was om gedoop te word.

14 En dit het gebeur dat hulle baie was; want hulle het ingestroom vanuit die hele streek rondom Sidom, en is gedoop.

15 Maar wat die volk betref wat in die land Ammoniha was, hulle het nog 'n hardvogtige en hardnekkige volk gebly; en hulle het nie bekeer van hul sondes nie, en hulle het die mag van Alma en Amulek toegeskryf aan die duiwel; want hulle was van die geloof van [a]Nehor, en het nie geglo aan die bekering van hulle sondes nie.

16 En dit het gebeur dat Alma en Amulek, want Amulek het al sy goud, en silwer, en sy kosbare dinge [a]agtergelaat, wat in die land Ammoniha was, vir die woord van God, omdat hy [b]verstoot is deur diegene wat eertyds sy vriende was, en ook deur sy vader en sy verwante;

17 Daarom, nadat Alma die kerk in Sidom gestig het, toe hy

6*a* Mark. 9:23.
8*a* GS Genees, Genesings.
10*a* Mark. 2:1–12.
11*a* Hand. 3:1–11.
15*a* Alma 1:2–15.
16*a* Lk. 14:33; Alma 10:4.
*b* GS Vervolg, Vervolging.

′n groot [a]beteueling gesien het,
ja, toe hy gesien het dat die volk
beteuel was wat betref die hoog-
moed van hulle harte, en begin
het om hulself te [b]verootmoedig
voor God, en begin het om by-
mekaar te kom by hulle heilig-
domme om God te [c]aanbid voor
die altaar, en gedurigdeur te
[d]waak en te bid, sodat hulle ver-
los mag word van Satan, en van
die [e]dood, en van vernietiging—
18 Nou, soos ek gesê het, na-
dat Alma al hierdie dinge gesien
het, daarom het hy Amulek ge-
neem en oorgekom na die land
Zarahemla, en hom na sy eie huis
geneem, en hom versorg in sy be-
proewinge, en hom versterk in
die Here.
19 En so het die tiende jaar van
die heerskappy van die regters
oor die volk van Nefi geëindig.

## HOOFSTUK 16

*Die Lamaniete vernietig die volk van Ammoniha—Zoram lei die Nefiete na oorwinning oor die Lamaniete—Alma en Amulek en baie ander verkondig die woord—Hulle leer dat ná sy Opstanding sal Christus verskyn aan die Nefiete. Ongeveer 81–77 v.C.*

En dit het gebeur in die elfde
jaar van die heerskappy van die
regters oor die volk van Nefi, op
die vyfde dag van die tweede
maand, nadat daar baie vrede in
die land Zarahemla was, nadat
daar geen oorloë nóg twiste vir
′n sekere aantal jare was, en wel
tot die vyfde dag van die tweede
maand in die elfde jaar, is daar ′n
geroep gehoor van oorlog dwars-
deur die land.
2 Want kyk, die leërs van die
Lamaniete het ingekom van die
kant van die wildernis af, tot in
die grense van die land, en wel
tot in die stad [a]Ammoniha, en het
begin om die volk te dood en die
stad te verwoes.
3 En nou het dit gebeur, voor-
dat die Nefiete ′n voldoende mag
op die been kon kry om hulle te
verdryf uit die land, het hulle die
mense [a]vernietig wat in die stad
Ammoniha was, en ook sommi-
ges rondom die grense van Noag,
en ander gevange geneem die
wildernis in.
4 Nou, dit het gebeur dat die
Nefiete begerig was om diegene
terug te kry wat gevange wegge-
voer is die wildernis in.
5 Daarom, hy wat aangestel was
as hoofkaptein oor die leërs van
die Nefiete, (en sy naam was Zo-
ram, en hy het twee seuns gehad,
Lehi en Agab)—nou Zoram en sy
twee seuns, wetende dat Alma
hoëpriester was oor die kerk, en
omdat hulle gehoor het dat hy
die gees van profesie gehad het,
daarom het hulle na hom gegaan
en van hom begeer om te weet
of die Here wou hê dat hulle die

17 *a* Alma 16:21.
*b* GS Nederig, Nederigheid.
*c* GS Aanbid.
*d* GS Gebed; Waak, Wagte.
*e* GS Dood, Geestelike.
**16** 2 *a* Alma 15:1, 15–16.
3 *a* Alma 9:18.

wildernis moes ingaan op soek na
hulle broers wat gevange geneem
is deur die Lamaniete.
6 En dit het gebeur dat Alma vir
die Here [a]gevra het aangaande
die saak. En Alma het teruggekeer
en aan hulle gesê: Kyk, die La-
maniete sal die Sidon-rivier oor-
steek in die suidelike wildernis,
ver hoër anderkant die grense van
die land Manti. En kyk, daar sal jy
hulle ontmoet, aan die oostekant
van die Sidon-rivier, en daar sal
die Here jou broers aan jou oor-
gee wat gevange geneem is deur
die Lamaniete.
7 En dit het gebeur dat Zoram en
sy seuns die Sidon-rivier oorge-
steek het, met hulle leërs, en weg-
marsjeer het anderkant die grense
van Manti in die suidelike wilder-
nis, wat aan die oostekant van die
Sidon-rivier was.
8 En hulle het afgekom op die
leërs van die Lamaniete, en die
Lamaniete is verstrooi en die wil-
dernis ingejaag; en hulle het hulle
broers geneem wat gevange ge-
neem is deur die Lamaniete, en
daar was nie een siel van hulle
wat verlore gegaan het wat ge-
vange geneem is nie. En hulle
is gebring deur hulle broers om
hulle eie landerye te besit.
9 En so het die elfde jaar van die
regters geëindig; nadat die Lama-
niete uit die land verdryf is, en
die volk van Ammoniha [a]vernie-
tig is; ja, elke lewende siel van die
Ammonihahiete is [b]vernietig, en
ook hulle groot stad, wat hulle
gesê het God dit nie kon vernie-
tig nie, vanweë sy grootheid.
10 Maar kyk, in [a]een dag is dit
verlate gelaat; en die lyke is ver-
mink deur die honde en wilde
diere van die wildernis.
11 Nogtans, na baie dae is hulle
dooie liggame opgehoop op die
aangesig van die aarde, en is hulle
bedek met ʼn dun bedekking. En
nou, so groot was die stank daar-
van dat die volk vir baie jare nie
ingegaan het om die land Ammo-
niha te besit nie. En dit is genoem
Verlatenheid van Nehors; want
hulle was van die geloof van [a]Ne-
hor, wat gedood is; en hulle lan-
derye het verlate gebly.
12 En die Lamaniete het nie
weer kom oorlog maak teen die
Nefiete tot die veertiende jaar
van die heerskappy van die reg-
ters oor die volk van Nefi nie. En
dus vir drie jaar lank het die volk
van Nefi voortdurende vrede in
die hele land gehad.
13 En Alma en Amulek het uit-
gegaan om bekering te preek tot
die volk in hulle [a]tempels, en in
hul heiligdomme, en ook in hulle
[b]sinagoges, wat gebou is volgens
die wyse van die Jode.
14 En soveel as wat hulle
woorde wou aanhoor, aan hulle
het hul die woord van God mee-
gedeel, sonder [a]inagneming van
persoon, voortdurend.

6*a* Alma 43:23–24.
9*a* Alma 8:16; 9:18–24; Morm. 6:15–22.
*b* Alma 25:1–2.
10*a* Alma 9:4.
11*a* Alma 1:15; 24:28–30.
13*a* 2 Ne. 5:16.
*b* Alma 21:4–6, 20.
14*a* Alma 1:30.

15 En so het Alma en Amulek
uitgegaan, en ook veel meer wat
gekies was vir die werk om die
woord te preek dwarsdeur die
hele land. En die vestiging van
die kerk het algemeen geword
dwarsdeur die land, in die hele
streek rondom, onder die hele
volk van die Nefiete.
16 En daar was [a]geen ongelyk-
heid onder hulle nie; die Here
het sy Gees uitgestort op die hele
aangesig van die land om die ge-
moed van die kinders van mense
voor te berei, of om hulle [b]harte
voor te berei om die woord te
ontvang wat onder hulle ge-
leer sou word ten tyde van sy
koms—
17 Sodat hulle nie verhard mag
wees teen die woord nie, sodat
hulle nie ongelowig mag wees
nie, en aangaan tot vernietiging
toe nie, maar sodat hulle die
woord met vreugde mag ontvang,
en soos ʼn [a]tak geënt word op die
ware [b]wingerdstok, sodat hulle
die [c]rus mag binnegaan van die
Here hulle God.
18 Nou, daardie [a]priesters wat
uitgegaan het onder die volk, het
gepredik teen alle leuens, en [b]be-
drog en [c]afguns en onenigheid,
en kwaadwilligheid en beledi-
gings, en diefstal, roof, plun-
der, moord, egbreuk pleeg, en
alle soorte wellustigheid, en uit-
geroep dat hierdie dinge nie so
behoort te wees nie—
19 En hulle het die dinge ver-
kondig wat binnekort moes kom;
ja, en hulle het die [a]koms van die
Seun van God verkondig, sy ly-
ding en dood, en ook die opstan-
ding van die dode.
20 En baie van die mense het
navraag gedoen aangaande die
plek waar die Seun van God sou
kom; en hulle is geleer dat Hy
aan hulle sou [a]verskyn [b]na sy
opstanding; en dit het die volk
aangehoor met groot vreugde en
blydskap.
21 En nou, nadat die kerk geves-
tig is dwarsdeur die hele land—
nadat die [a]oorwinning oor die
duiwel behaal is, en die woord
van God in sy suiwerheid dwars-
deur die hele land gepredik is, en
die Here sy seëninge op die volk
uitgestort het—so het die veer-
tiende jaar van die heerskappy
van die regters oor die volk van
Nefi geëindig.

---

ʼn Verslag van die seuns van Mosia, wat hulle regte tot die koninkryk geweier het vir die woord van God, en opgegaan het na die land Nefi om vir die Lamaniete te preek; hulle lydings en

16*a* Mosia 18:19–29; 4 Ne. 1:3.
*b* GS Gebroke Hart.
17*a* Jakob 5:24.
*b* GS Wingerd van die Here.
*c* Alma 12:37; 13:10–13.
18*a* Alma 15:13.
*b* GS Bedrog, Bedrieg, Bedrieër.
*c* GS Afguns.
19*a* GS Jesus Christus—Profesieë aangaande die geboorte en dood van Jesus Christus.
20*a* 2 Ne. 26:9; 3 Ne. 11:7–14.
*b* 1 Ne. 12:4–6.
21*a* Alma 15:17.

verlossing—volgens die verslag van Alma.

*Dit behels hoofstukke 17 tot 27.*

## HOOFSTUK 17

*Die seuns van Mosia het die gees van profesie en van openbaring—Hulle gaan hul onderskeie rigtings om die woord te verkondig aan die Lamaniete—Ammon gaan na die land Ismael en word die dienskneg van Koning Lamoni—Ammon red die koning se kuddes en dood sy vyande by die waters van Sebus. Verse 1–3, ongeveer 77 v.C.; vers 4, ongeveer 91–77 v.C.; en verse 5–39, ongeveer 91 v.C.*

En nou dit het gebeur dat terwyl
Alma op reis was van die land Gídeon af, suidwaarts, weg na die land Manti, kyk, tot sy verbasing, het hy die [a]seuns van Mosia [b]ontmoet wat op reis was na die land Zarahemla.
2 Nou, hierdie seuns van Mosia
was by Alma in die tyd toe die engel die [a]eerste keer aan hom verskyn het; daarom het Alma hom uitermate verbly om sy broers te sien; en wat meer tot sy blydskap bygedra het, hulle was steeds sy broers in die Here; ja, en hulle het sterk geword in die kennis van die waarheid; want hulle was manne van ’n gesonde begrip en hulle het die skrifture ywerig [b]ondersoek, sodat hulle die woord van God mag ken.
3 Maar dit is nie al nie; hulle het
hulself oorgegee aan baie [a]gebed, en vas; daarom het hulle die gees van profesie gehad, en die gees van openbaring, en wanneer hulle [b]onderrig het, het hulle onderrig met mag en gesag van God.
4 En hulle het die woord van
God onderrig vir ’n tydperk van veertien jaar onder die Lamaniete, en hulle het baie [a]welslae gehad om baie tot die kennis van die waarheid te [b]bring; ja, deur die krag van hulle woorde is baie voor die altaar van God gebring, om sy Naam aan te roep en hulle sondes voor Hom te [c]bely.
5 Nou hierdie is die omstandig-
hede wat hulle vergesel het op hul reise, want hulle het baie verdrukkinge gehad; hulle het baie gely, beide na liggaam en na gees, soos honger, dors en uitputting, en ook baie [a]arbeid in die gees.
6 Nou hierdie was hulle reise:
Nadat hulle [a]afskeid geneem het van hulle vader Mosia, in die eerste jaar van die regters; nadat hulle die koningskap [b]geweier het wat hulle vader begeer het om aan hulle oor te dra, en ook dit was die mening van die volk;
7 Nogtans het hulle vertrek
uit die land Zarahemla, en hul

**17** 1*a* Mosia 27:34.
*b* Alma 27:16.
2*a* Mosia 27:11–17.
*b* GS Skrifture.
3*a* GS Gebed; Vas.
*b* GS Onderrig, Onderwyser—Onderrig met die Gees.
4*a* Alma 29:14.
*b* GS Sendingwerk.
*c* GS Bely, Belydenis.
5*a* Alma 8:10.
6*a* Mosia 28:1, 5–9.
*b* Mosia 29:3.

swaarde geneem, en hul spiese, en hul boë, en hul pyle, en hul slingers; en dit het hulle gedoen sodat hulle vir hulself kos mag voorsien terwyl hulle in die wildernis was.

8 En so het hulle die wildernis ingetrek met hulle getalle wat hulle uitgesoek het, om op te gaan na die land Nefi, om die woord van God te preek aan die Lamaniete.

9 En dit het gebeur dat hulle baie dae gereis het in die wildernis, en hulle het baie gevas en baie [a]gebid dat die Here aan hulle ′n deel van sy Gees sou gee om saam met hulle te gaan, en by hulle te bly, sodat hulle ′n [b]werktuig mag wees in die hande van God, om as dit moontlik was, hulle broers, die Lamaniete, tot die kennis van die waarheid te bring, tot die kennis van die verdorwenheid van die [c]oorleweringe van hulle vaders, wat nie juis was nie.

10 En dit het gebeur dat die Here hulle [a]besoek het met sy [b]Gees, en aan hulle gesê het: Wees [c]getroos. En hulle is getroos.

11 En die Here het ook aan hulle gesê: Gaan uit onder die Lamaniete, julle broers, en vestig my woord; dog julle moet [a]geduldig wees in lankmoedigheid en verdrukkinge, sodat julle aan hulle goeie voorbeelde kan stel in My, en Ek sal ′n werktuig van julle maak in my hande tot die heil van baie siele.

12 En dit het gebeur dat die harte van die seuns van Mosia, en ook van diegene wat met hulle was, moed geskep het om uit te gaan onder die Lamaniete om aan hulle die woord van God te verkondig.

13 En dit het gebeur toe hulle aangekom het op die grense van die land van die Lamaniete, dat hulle van mekaar [a]geskei het, en die een van die ander weggegaan het, vertrouend op die Here dat hulle weer sou ontmoet aan die einde van hulle [b]oes, want hulle het geglo dat die taak wat hulle onderneem het, groot was.

14 En weliswaar was dit groot, want hulle het onderneem om die woord van God te preek aan ′n [a]wilde, en ′n verharde, en ′n wrede volk; ′n volk wat daarin behae geskep het om die Nefiete te vermoor, en hulle te beroof en te plunder; en hulle harte was gerig op rykdom, of op goud en silwer, en kosbare stene; nogtans hulle het gepoog om hierdie dinge te verkry deur te moor en te plunder, sodat hulle nie daarvoor hoef te arbei met hulle eie hande nie.

15 Daarom was hulle ′n baie lui volk, baie van wie afgode aanbid het, en die [a]vloek van God het op hulle geval vanweë die [b]oorleweringe van hulle vaders;

9*a* Alma 25:17.
GS Gebed.
*b* Mosia 23:10; Alma 26:3.
*c* Alma 3:10–12.
10*a* L&V 5:16.
*b* GS Heilige Gees.
*c* Alma 26:27.
11*a* Alma 20:29.
GS Geduld.
13*a* Alma 21:1.
*b* Matt. 9:37.
14*a* Mosia 10:12.
15*a* Alma 3:6–19;
3 Ne. 2:15–16.
*b* Alma 9:16–24; 18:5.

nieteenstaande die beloftes van
die Here wat hulle aangebied is
op die voorwaarde van bekering.
16 Daarom, dit was die [a]rede
waarom die seuns van Mosia die
werk onderneem het, dat hulle
hul miskien tot bekering mag
bring; dat hulle hul miskien daar-
toe mag bring om te weet van die
plan van verlossing.
17 Daarom het hulle hulself ge-
skei die een van die ander, en
onder hulle ingegaan, elke man
alleen, volgens die woord en krag
van God wat aan hom gegee is.
18 Nou, Ammon was die hoof
onder hulle, of eerder hy het
hulle gedien, en hy het wegge-
gaan van hulle af, nadat hy hulle
[a]geseën het volgens hulle on-
derskeie roepings, nadat hy die
woord van God aan hulle meege-
deel het, of hulle gedien het voor
sy vertrek; en so het hulle hul on-
derskeie reise onderneem dwars-
deur die land.
19 En Ammon het gegaan na
die land [a]Ismael, die land wat ge-
noem is na die seuns van Ismael,
wat ook Lamaniete geword het.
20 En toe Ammon die land Is-
mael binnegaan het, het die La-
maniete hom geneem en hom
vasgebind, soos dit hulle gebruik
was om al die Nefiete vas te bind
wat in hulle hande geval het, en
hulle voor die koning gedra; en
so is dit oorgelaat aan die koning
se behae om hulle te dood, of om
hulle in slawerny te hou, of om
hulle in die gevangenis te werp,
of om hulle uit sy land te werp,
volgens sy wil en behae.
21 En so is Ammon gedra voor
die koning wat oor die land Is-
mael was; en sy naam was La-
moni; en hy was ʼn afstammeling
van Ismael.
22 En die koning het van Am-
mon verneem of dit sy begeerte
was om in die land te woon onder
die Lamaniete, of onder sy volk.
23 En Ammon het aan hom
gesê: Ja, ek begeer om vir ʼn tyd
te woon onder hierdie volk, ja, en
miskien tot die dag dat ek sterf.
24 En dit het gebeur dat koning
Lamoni baie ingenome was met
Ammon, en het sy boeie laat los-
maak; en hy wou hê dat Ammon
een van sy dogters tot vrou moes
neem.
25 Maar Ammon het aan hom
gesê: Nee, maar ek sal u diens-
kneg wees. Daarom het Ammon
ʼn dienskneg van koning Lamoni
geword. En dit het gebeur dat
hy saam met ander diensknegte
opgedra is om die kuddes van
Lamoni te bewaak, volgens die
gebruik van die Lamaniete.
26 En nadat hy drie dae in die
diens van die koning was, ter-
wyl hy by die Lamanitiese diens-
knegte was en uitgegaan het met
hulle kuddes na die plek van wa-
ter, wat die water van Sebus ge-
noem is, en al die Lamaniete jaag
hulle vee daarheen aan, sodat
hulle water mag hê—

16*a* Mosia 28:1–3.
18*a* GS Seën, Geseënd, Seëning.
19*a* 1 Ne. 7:4–6.

27 Daarom, terwyl Ammon en die diensknegte van die koning hulle kuddes na hierdie plek van water aanjaag, kyk, ʼn sekere aantal van die Lamaniete, wat met hulle kuddes by die water was, het gestaan en die kuddes van Ammon en die diensknegte van die koning uiteengejaag, en hulle het hulle dermate verjaag dat hulle in baie rigtings gevlug het.

28 Nou het die diensknegte van die koning begin murmureer, en gesê: Nou sal die koning ons doodmaak soos ons broers, omdat hulle kuddes verjaag is deur die boosheid van hierdie manne. En hulle het uitermate begin ween, en gesê: Kyk, ons kuddes is alreeds verjaag.

29 Nou het hulle geween vanweë die vrees om gedood te word. Nou toe Ammon dit sien, het sy hart in hom geswel van blydskap; want, het hy gesê, ek sal my krag aan hierdie, my medediensknegte toon, of die krag wat in my is, om hierdie kuddes terug te bring aan die koning, sodat ek die harte van hierdie my medediensknegte mag wen, sodat ek hulle mag lei om in my woorde te glo.

30 En nou, dit was die gedagtes van Ammon, toe hy die verdrukkinge sien van diegene wat hy sy broers genoem het.

31 En dit het gebeur dat hy hulle met sy woorde gevlei het, en gesê het: My broers, wees vrolik en laat ons gaan soek na die kuddes, en ons sal hulle bymekaarmaak en hulle terugbring na die plek van water; en so sal ons die kuddes vir die koning bewaar en hy sal ons nie doodmaak nie.

32 En dit het gebeur dat hulle die kuddes gaan soek het, en hulle het Ammon gevolg, en hulle het voortbeweeg met groot spoed en het die kuddes van die koning afgesny, en hulle weer bymekaargebring na die plek van water.

33 En daardie manne het weer gestaan om hulle kuddes te verjaag; maar Ammon het aan sy broers gesê: Omsingel die kuddes rondom sodat hulle nie vlug nie, en ek gaan en veg met die manne wat ons kuddes verjaag.

34 Daarom, hulle het gedoen soos Ammon hulle beveel het, en hy het uitgegaan en gestaan om te veg met diegene wat by die waters van Sebus gestaan het, en hulle was in getal nie min nie.

35 Daarom het hulle Ammon nie gevrees nie, want hulle het veronderstel dat een van hulle manne hom kon doodmaak volgens hulle behae, want hulle het nie geweet dat die Here vir Mosia belowe het dat Hy sy seuns uit hulle hande sou [a]red nie; nóg het hulle iets aangaande die Here geweet; daarom het hulle behae geskep in die vernietiging van hulle broers; en om hierdie rede het hulle gestaan om die kuddes van die koning te verjaag.

36 Maar [a]Ammon het na vore getree en begin om klippe na hulle te gooi met sy slinger;

35*a* Mosia 28:7; Alma 19:22–23.
36*a* Ether 12:15.

ja, met geweldige krag het hy klippe tussen hulle ingeslinger; en so het hy 'n [b]sekere aantal van hulle doodgemaak, in soverre dat hulle verbaas begin word het oor sy krag; nogtans was hulle kwaad vanweë hulle broers wat gedood is, en hulle was vasberade dat hy sou val; daarom, omdat hulle gesien het dat hulle hom nie [c]kon tref met hulle klippe nie, het hulle met knuppels na vore gekom om hom te dood.

37 Maar kyk, elke man wat sy knuppel opgehef het om vir Ammon te slaan, hy het hulle arms afgekap met sy swaard; want hy het hulle houe weerstaan deur hulle arms te tref met die skerpte van sy swaard, in soverre dat hulle verbaas begin word het, en begin het om te vlug voor hom; ja, en hulle was nie min in getal nie; en hy het hulle laat vlug deur die sterkte van sy arm.

38 Nou ses van hulle het geval deur die slinger, maar hy het niemand gedood met sy swaard nie, behalwe hulle leier; en hy het soveel van hulle arms afgekap as wat teen hom opgelig was, en hulle was nie min nie.

39 En toe hy hulle ver weggedryf het, het hy teruggekeer en hulle het hulle kuddes water gegee en hulle teruggebring na die weiveld van die koning, en toe ingegaan na die koning, en die arms gedra wat afgekap is deur die swaard van Ammon, van diegene wat gesoek het om hom te dood; en hulle is na die koning gebring as 'n getuienis van die dinge wat hulle gedoen het.

## HOOFSTUK 18

*Koning Lamoni veronderstel dat Ammon die Groot Gees is—Ammon leer die Koning omtrent die Skepping, God se handelinge met die mens, en die verlossing wat kom deur Christus—Lamoni glo en val op die aarde asof hy dood is. Ongeveer 90 v.C.*

En dit het gebeur dat koning Lamoni sy diensknegte na vore laat kom het en getuig van al die dinge wat hulle gesien het betreffende die saak.

2 En toe hulle almal getuig het van die dinge wat hulle gesien het, en hy geleer het van die getrouheid van Ammon in die bewaring van sy kuddes, en ook van sy groot krag in die stryd teen diegene wat gesoek het om hom dood te maak, was hy uitermate verbaas, en het gesê: Waarlik, hierdie is meer as 'n mens. Kyk, is dit nie die Groot Gees wat sulke groot bestraffinge stuur op hierdie volk, vanweë hulle moorde nie?

3 En hulle het die koning geantwoord, en gesê: Of hy die Groot Gees of 'n mens is, weet ons nie; maar dit weet ons wel, dat hy [a]nie doodgemaak kan word deur die vyande van die koning nie; nóg kan hulle die koning se kuddes verjaag terwyl hy by ons is, vanweë sy bekwaamheid en groot

36 *b* Alma 18:16.
*c* Alma 18:3.
**18** 3 *a* Alma 17:34–38.

krag; daarom, ons weet dat hy
die koning se vriend is. En nou,
o koning, ons glo nie dat ʼn mens
sulke groot krag het nie, want ons
weet hy kan nie gedood word nie.
4 En nou, toe die koning hier-
die woorde gehoor het, het hy
aan hulle gesê: Nou weet ek dat
dit die Groot Gees is; en hy het
neergedaal in hierdie tyd om julle
lewens te bewaar, sodat ek julle
nie mag [a]doodmaak soos vir julle
broers nie. Nou dit is die Groot
Gees van wie ons vaders gespreek
het.
5 Nou, dit was die oorlewering
van Lamoni, wat hy ontvang het
van sy vader, dat daar ʼn Groot
Gees was. Nieteenstaande hulle
aan ʼn [a]Groot Gees geglo het, het
hulle veronderstel dat wat hulle
ook al gedoen het, reg was; nog-
tans het Lamoni uitermate begin
vrees, uit vrees dat hy verkeerd
gedoen het om sy diensknegte
dood te maak;
6 Want hy het baie van hulle
doodgemaak, omdat hulle broers
hulle kuddes verjaag het by die
plek van water; en daarom, om-
dat hulle vee verjaag is, is hulle
gedood.
7 Nou was dit die gebruik van
hierdie Lamaniete om by die wa-
ters van Sebus te staan om die
kuddes van die mense te verjaag,
sodat hulle daardeur baie van die
vee wat verjaag is, na hulle eie
land kon aanjaag, want dit was ʼn
gebruik van plunder onder hulle.
8 En dit het gebeur dat koning
Lamoni navraag gedoen het by sy
diensknegte, en gesê het: Waar is
hierdie man wat sulke groot krag
het?
9 En hulle het aan hom gesê:
Kyk, hy voer u perde. Nou het
die koning sy diensknegte beveel,
voor die tyd dat hulle die kud-
des water gegee het, dat hulle sy
perde en waens moes voorberei,
en hom moes begelei na die land
Nefi; want daar was ʼn groot fees
gereël in die land Nefi, deur die
vader van Lamoni, wat koning
was oor die hele land.
10 Nou toe koning Lamoni
hoor dat Ammon besig was om
sy perde en sy waens gereed te
maak, was hy des te meer verbaas
vanweë die getrouheid van Am-
mon, en het gesê: Waarlik, daar
was nog nooit enige dienskneg
onder al my diensknegte wat so
getrou was soos hierdie man nie;
want hy onthou selfs al my bevele
om hulle uit te voer.
11 Nou weet ek waarlik dat dit
die Groot Gees is, en ek wil hom
vra dat hy na my toe inkom, maar
ek durf nie.
12 En dit het gebeur dat toe Am-
mon die perde en die waens ge-
reed gemaak het vir die koning en
sy diensknegte, het hy ingegaan
na die koning, en hy het gesien
dat die gesigsuitdrukking van
die koning verander was; daarom
was hy op die punt om terug te
keer uit sy teenwoordigheid.
13 En een van die koning se
diensknegte het aan hom gesê:

4*a* Alma 17:28–31. | 5*a* Alma 19:25–27. | GS God, Godheid.

Rabbana, wat, as dit vertaal word beteken, magtige of grote koning, omdat hulle konings as magtig beskou word; en daarom het hy aan hom gesê: Rabbana, die koning begeer dat u moet bly.

14 Daarom het Ammon homself gedraai na die koning, en aan hom gesê: Wat wil u hê dat ek vir u moet doen, o koning? En die koning het hom nie geantwoord vir ′n tydperk van ′n uur nie, volgens hulle tyd, want hy het nie geweet wat hy aan hom moes sê nie.

15 En dit het gebeur dat Ammon weer aan hom gesê het: Wat begeer u van my? Maar die koning het hom nie geantwoord nie.

16 En dit het gebeur dat Ammon, omdat hy vervul was met die Gees van God, daarom het hy die [a]gedagtes van die koning waargeneem. En hy het aan hom gesê: Is dit omdat u gehoor het dat ek u diensknegte en u kuddes verdedig het, en sewe van hulle broers gedood het met die slinger en met die swaard, en die arms van ander afgekap het, ten einde u kuddes en u diensknegte te verdedig; kyk, is dit wat u verwonderinge veroorsaak?

17 Ek sê vir u, wat is dit, dat u verwonderinge so groot is? Kyk, ek is ′n mens, en u dienskneg; daarom, wat u ook al vra wat reg is, dit sal ek doen.

18 Nou, toe die koning hierdie woorde gehoor het, het hy hom weer verwonder, want hy het gesien dat Ammon sy gedagtes kon [a]onderskei; maar desnieteenstaande dit, het koning Lamoni sy mond geopen en aan hom gesê: Wie is u? Is u daardie Groot Gees, wat alle dinge [b]weet?

19 Ammon het geantwoord en aan hom gesê: Ek is nie.

20 En die koning het gesê: Hoe ken u die gedagtes van my hart? U kan met vertroue spreek, en my vertel aangaande hierdie dinge; en vertel my ook deur watter mag u my broers wat my kuddes verjaag het, gedood en die arms van afgekap het—

21 En nou, as u my aangaande hierdie dinge sal vertel, wat u ook al begeer, sal ek aan u gee; en as dit nodig was, sou ek u beskerm met my leërs; maar ek weet dat u magtiger is as hulle almal; nogtans, wat u ook al van my begeer, dit sal ek aan u gee.

22 Nou Ammon, omdat hy wys was, dog onskuldig, het aan Lamoni gesê: Sal u ag slaan op my woorde, as ek u vertel deur watter krag ek hierdie dinge doen? En dit is die ding wat ek van u begeer.

23 En die koning het hom geantwoord, en gesê: Ja, ek sal al u woorde glo. En so is hy deur vernuf gevang.

24 En Ammon het begin om met [a]vrymoedigheid met hom te spreek, en aan hom gesê: Glo u dat daar ′n God is?

25 En hy het geantwoord, en aan

16*a* Alma 12:3.
18*a* GS Onderskeiding, Gawe van.
*b* GS God, Godheid.
24*a* Alma 38:12.

hom gesê: Ek weet nie wat dit beteken nie.

26 En toe het Ammon gesê: Glo u dat daar ′n Groot Gees is?

27 En hy het gesê, Ja.

28 En Ammon het gesê: Dit is God. En Ammon het weer aan hom gesê: Glo u dat hierdie Groot Gees, wat God is, alle dinge geskape het wat in die hemel en op die aarde is?

29 En hy het gesê: Ja, ek glo dat Hy alle dinge geskape het wat op die aarde is; maar ek ken nie die hemele nie.

30 En Ammon het aan hom gesê: Die hemele is ′n plek waar God woon en al sy heilige engele.

31 En koning Lamoni het gesê: Is dit bo die aarde?

32 En Ammon het gesê: Ja, en Hy kyk af op al die kinders van mense; en Hy ken al die [a]gedagtes en voornemens van die hart; want deur sy hand is hulle almal geskape van die begin af.

33 En koning Lamoni het gesê: Ek glo al hierdie dinge wat u gespreek het. Is u deur God gestuur?

34 Ammon het aan hom gesê: Ek is ′n mens; en die [a]mens is in die begin geskape na die beeld van God, en ek is geroep deur sy Heilige Gees om hierdie dinge aan hierdie volk te [b]leer, sodat hulle gebring kan word tot ′n kennis van dit wat regverdig en waar is;

35 En ′n gedeelte van daardie [a]Gees woon in my, wat my [b]kennis gee, en ook krag volgens my geloof en begeertes wat in God is.

36 Nou toe Ammon hierdie woorde gesê het, het hy begin by die skepping van die wêreld, en ook die skepping van Adam, en hom al die dinge [a]vertel aangaande die val van die mens, en hom vertel en vir hom die kronieke en die heilige [b]skrifture van die volk uitgelê, wat gespreek is deur die [c]profete, en wel tot in die tyd dat hulle vader, Lehi, Jerusalem verlaat het.

37 En hy het ook aan hulle vertel (want dit was aan die koning en aan sy diensknegte) al die reise van hulle vaders in die wildernis, en al hulle lydings deur honger en dors, en hulle arbeid, ensovoorts.

38 En hy het ook aan hulle vertel aangaande die rebellies van Laman en Lemuel, en die seuns van Ismael, ja, al hulle rebellies het hy aan hulle vertel; en hy het al die kronieke en skrifture aan hulle uitgelê vanaf die tyd dat Lehi Jerusalem verlaat het tot die huidige tyd.

39 Maar dit is nie al nie; want hy het aan hulle die [a]plan van verlossing uitgelê, wat berei is vanaf die grondlegging van die wêreld; en hy het ook aan hulle aangaande die koms van Christus bekend gemaak, en al die werke van die

32*a* Amos 4:13; 3 Ne. 28:6; L&V 6:16.
34*a* Mosia 7:27; Ether 3:13–16.
*b* GS Onderrig, Onderwyser—Onderrig met die Gees.
35*a* GS Inspirasie, Inspireer.
*b* GS Kennis.
36*a* Mosia 1:4; Alma 22:12; 37:9.
*b* GS Skrifture.
*c* Hand. 3:18–21.
39*a* GS Plan van Verlossing.

Here het hy aan hulle bekend
gemaak.
40 En dit het gebeur dat nadat
hy al hierdie dinge gesê het, en dit
uitgelê het aan die koning, dat die
koning al sy woorde geglo het.
41 En hy het begin om tot die
Here te roep, en het gesê: O Here,
wees [a]barmhartig; volgens u oor-
vloedige barmhartigheid wat U
oor die volk van Nefi gehad het,
wees dit oor my, en my volk.
42 En nou, toe hy dit gesê het,
het hy neergeval op die aarde,
asof hy dood was.
43 En dit het gebeur dat sy diens-
knegte hom geneem het en hom
ingedra het na sy vrou, en hom
neergelê het op 'n bed; en hy het
gelê asof hy dood was vir 'n tyd-
perk van twee dae en twee nagte;
en sy vrou, en sy seuns, en sy dog-
ters het oor hom getreur, volgens
die wyse van die Lamaniete, en sy
heengaan grootliks betreur.

## HOOFSTUK 19

*Lamoni ontvang die lig van die ewigdurende lewe en sien die Verlosser—Sy huishouding val in 'n beswyming neer, en baie sien engele—Ammon word wonderbaarlik bewaar—Hy doop baie en vestig 'n kerk onder hulle. Ongeveer 90 v.C.*

En dit het gebeur dat na twee
dae en twee nagte het hulle op
die punt gestaan om sy liggaam
te neem en dit in 'n grafkelder te
gaan lê, wat hulle gemaak het vir
die doel om hulle dooies te be-
grawe.
2 Nou, die koningin, omdat sy
van Ammon se roem gehoor het,
daarom het sy gestuur en begeer
dat hy na haar moes inkom.
3 En dit het gebeur dat Ammon
gedoen het soos hy beveel was, en
hy het ingegaan na die koningin,
en het begeer om te weet wat sy
wou hê dat hy moes doen.
4 En sy het aan hom gesê: Die
diensknegte van my man het dit
aan my bekend gemaak dat jy 'n
[a]profeet is van 'n heilige God, en
dat jy mag het om baie magtige
werke te doen in sy Naam.
5 Daarom, as dit die geval is, wil
ek hê dat jy moet ingaan en my
man sien, want hy is neergelê op
sy bed vir 'n tydperk van twee
dae en twee nagte; en sommiges
sê dat hy nie dood is nie, maar
ander sê dat hy dood is en dat hy
stink, en dat hy in die grafkelder
behoort geplaas te word; maar vir
my, vir my stink hy nie.
6 Nou, dit is wat Ammon begeer
het, want hy het geweet dat ko-
ning Lamoni onder die mag van
God was; hy het geweet dat die
donker [a]sluier van ongeloof besig
was om weggewerp te word van
sy gemoed, en dat die [b]lig wat sy
gemoed gevul het, wat die lig was
van die heerlikheid van God, wat
'n wonderbaarlike lig was van sy

41*a* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
**19** 4*a* GS Profeet.
6*a* 2 Kor. 4:3–4. GS Sluier.
*b* GS Lig, Lig van Christus.

goedheid—ja, hierdie lig het soveel vreugde in sy siel gebring, nadat die wolk van duisternis verdryf was, en dat die lig van die ewigdurende lewe in sy siel verlig is, ja, hy het geweet dat dit sy natuurlike gestalte oorweldig het, en dat hy weggevoer was in God.

7 Daarom, wat die koningin van hom gevra het was sy enigste begeerte. Daarom, hy het ingegaan om die koning te sien soos die koningin hom versoek het; en hy het die koning gesien, en hy het geweet dat hy nie dood was nie.

8 En hy het aan die koningin gesê: Hy is nie dood nie, maar hy slaap in God, en die volgende dag sal hy weer opstaan; daarom, begrawe hom nie.

9 En Ammon het aan haar gesê: Glo u dit? En sy het aan hom gesê: Ek het geen getuienis gehad nie behalwe jou woord, en die woord van ons diensknegte; nogtans glo ek dat dit sal wees soos jy gesê het.

10 En Ammon het aan haar gesê: Geseënd is u vanweë u uitnemende geloof; ek sê vir u, vrou, daar was nog nie so ′n groot [a]geloof onder al die volk van die Nefiete nie.

11 En dit het gebeur dat sy gewaak het oor die bed van haar man, van daardie tyd af tot daardie tyd op die volgende dag wat Ammon bepaal het dat hy sou opstaan.

12 En dit het gebeur dat hy opgestaan het, volgens die woorde van Ammon; en terwyl hy opgestaan het, het hy sy hand uitgestrek na die vrou, en gesê: Prys die Naam van God, en geseënd is jy.

13 Want so seker as wat jy leef, kyk, ek het my Verlosser gesien; en Hy sal verskyn, en uit ′n [a]vrou [b]gebore word, en Hy sal die hele mensdom verlos wat in sy Naam glo. Nou, toe hy hierdie woorde gesê het, het sy hart in hom geswel, en hy het weer neergesak van vreugde; en die koningin het ook neergesak, omdat sy oorweldig is deur die Gees.

14 Nou, toe Ammon sien dat die Gees van die Here uitgestort word volgens sy [a]gebede op die Lamaniete, sy broers, wat die oorsaak was van soveel rou onder die Nefiete, of onder die hele volk van God vanweë hulle ongeregtighede en hulle [b]oorleweringe, het hy op sy knieë geval, en begin om sy siel uit te stort in gebed en danksegging aan God vir wat Hy vir sy broers gedoen het; en hy is ook oorweldig deur [c]vreugde; en so het hulle al drie op die grond [d]neergesak.

15 Nou, toe die diensknegte van die koning gesien het dat hulle neergeval het, het hulle ook begin roep tot God, want die vrees van die Here het ook oor hulle gekom, want dit was [a]hulle wat voor die

10*a* Lk. 7:9.
GS Geloof, Glo.
13*a* 1 Ne. 11:13–21.
*b* GS Jesus Christus—Profesieë aangaande die geboorte en dood van Jesus Christus.
14*a* L&V 42:14.
*b* Mosia 1:5.
*c* GS Vreugde.
*d* Alma 27:17.
15*a* Alma 18:1–2.

koning gestaan het en aan hom getuig het aangaande die groot krag van Ammon.

16 En dit het gebeur dat hulle die Naam van die Here aangeroep het, met hulle mag, totdat hulle almal op die aarde neergeval het, behalwe een van die Lamanitiese vroue wie se naam Abis was, en sy was tot die Here bekeer vir baie jare, vanweë ′n merkwaardige visioen van haar vader—

17 Daarom, omdat sy tot die Here bekeer is, en dit nooit bekend gemaak het nie, daarom, toe sy sien dat al die diensknegte van Lamoni neergeval het op die grond, en ook haar meesteres, die koningin, en die koning, en Ammon, wat uitgestrek lê op die grond, het sy geweet dat dit die krag van God was; en omdat sy veronderstel het dat hierdie die geleentheid was om aan die volk bekend te maak wat onder hulle gebeur het, dat deur hierdie toneel te aanskou, dit hulle sou [a]laat glo in die krag van God, daarom het sy van huis tot huis gehardloop, en dit aan die mense bekendgemaak.

18 En hulle het begin om bymekaar te kom by die huis van die koning. En daar het ′n skare gekom, en tot hulle verbasing, het hulle die koning gesien, en die koningin, en hulle diensknegte uitgestrek op die aarde, en hulle almal het daar gelê asof hulle dood was; en hulle het ook vir Ammon gesien, en kyk, hy was ′n Nefiet.

19 En nou het die volk onder hulself begin om te murmureer; sommige het gesê dat dit ′n groot boosheid was wat oor hulle gekom het, of oor die koning en sy huis, omdat hy toegelaat het dat die Nefiet in die land moes [a]bly.

20 Maar ander het hulle bestraf, en gesê: Die koning het hierdie boosheid oor sy huis gebring, omdat hy sy diensknegte doodgemaak het wie se kuddes verjaag is by die [a]waters van Sebus.

21 En hulle is ook bestraf deur daardie manne wat by die waters van Sebus gestaan en die kuddes [a]verjaag het, wat aan die koning behoort het, want hulle was kwaad vir Ammon vanweë die aantal van hulle broers wat hy gedood het by die waters van Sebus, terwyl hy die kuddes van die koning beskerm het.

22 Nou, een van hulle, wie se broer [a]gedood is deur die swaard van Ammon, omdat hy uitermate kwaad was vir Ammon, het sy swaard uitgetrek en uitgegaan sodat hy dit mag laat neerkom op Ammon, om hom te dood; en toe hy die swaard oplig om hom te dood, kyk, het hy dood neergeval.

23 Nou sien ons dat Ammon nie gedood kon word nie, want die [a]Here het vir Mosia, sy vader gesê: Ek sal hom spaar, en dit sal vir hom wees volgens jou

17*a* Mosia 27:14.
19*a* Alma 17:22–23.
20*a* Alma 17:26; 18:7.
21*a* Alma 17:27; 18:3.
22*a* Alma 17:38.
23*a* Mosia 28:7; Alma 17:35.

geloof—daarom, Mosia het hom
aan die Here [b]toevertrou.
24 En dit het gebeur dat toe die
skare sien dat die man dood neer-
geval het, wat sy swaard opge-
lig het om vir Ammon te dood,
het vrees oor hulle almal gekom,
en hulle het nie gedurf om hulle
hande uit te strek om hom aan te
raak, of enigeen van dié wat ge-
val het nie; en hulle het weer be-
gin om onder hulleself te wonder
wat die oorsaak van hierdie groot
krag kon wees, of wat al hierdie
dinge kon beteken.
25 En dit het gebeur dat daar
baie onder hulle was wat gesê het
dat Ammon die [a]Groot Gees was,
en andere het gesê dat hy gestuur
is deur die Groot Gees;
26 Maar andere het hulle almal
bestraf, en gesê dat hy ′n monster
was, wat deur die Nefiete gestuur
is om hulle te pynig.
27 En daar was sommiges wat
gesê het dat Ammon deur die
Groot Gees gestuur is om hulle
te verdruk vanweë hulle ongereg-
tighede; en dat dit die Groot Gees
was wat altyd oor die Nefiete ge-
waak het, wat hulle altyd verlos
het uit hulle hande; en hulle het
gesê dat dit die Groot Gees was
wat so baie van hulle broers, die
Lamaniete, vernietig het.
28 En so het die twis uitermate
skerp onder hulle begin word.
En terwyl hulle so twis, het die
[a]diensmaagd wat die skare laat
bymekaar kom het, gekom, en
toe sy die twis sien wat onder die
skare was, was sy uitermate be-
droef, en wel tot trane toe.
29 En dit het gebeur dat sy ge-
gaan het en die koningin aan die
hand geneem het, sodat sy haar
miskien van die grond af kon op-
lig; en toe sy aan haar hand geraak
het, het sy opgekom en op haar
voete gestaan, en met ′n luide stem
uitgeroep, en gesê: O geseënde
Jesus, wat my gered het van ′n
[a]vreeslike hel! O geseënde God,
wees hierdie mense [b]barmhartig!
30 En toe sy dit gesê het, het sy
haar hande gevou, omdat sy ge-
vul was met vreugde, en sy het
baie woorde gespreek wat nie
verstaan is nie; en toe sy dit ge-
doen het, het sy die koning, La-
moni, aan die hand geneem en
kyk, hy het opgekom en op sy
voete gestaan.
31 En hy, onmiddellik, toe hy die
twiste gewaar onder sy mense,
het uitgegaan en begin om hulle
te bestraf en om hulle die [a]woorde
wat hy gehoor het uit die mond
van Ammon te leer; en soveel wat
sy woorde gehoor het, het geglo,
en is bekeer tot die Here.
32 Maar daar was baie onder
hulle wat nie sy woorde wou hoor
nie; daarom het hulle hul weg ge-
gaan.
33 En dit het gebeur dat toe Am-
mon opgekom het, het hy ook
vir hulle gedien en so het ook al

23*b* GS Vertrou.
25*a* Alma 18:2–5.
28*a* Alma 19:16.
29*a* 1 Ne. 14:3.
*b* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
31*a* Alma 18:36–39.

die diensknegte van Lamoni gedoen; en hulle het almal aan die volk dieselfde ding verklaar—dat hulle harte [a]verander is; dat hulle geen begeerte meer gehad het om [b]boosheid te doen nie.

34 En kyk, baie het aan die volk verklaar dat hulle [a]engele gesien het en met hulle gespreek het; en so het hulle vertel van dinge van God, en van sy regverdigheid.

35 En dit het gebeur dat daar baie was wat geglo het in hulle woorde; en soveel as wat geglo het, is [a]gedoop; en hulle het ʼn regverdige volk geword, en hulle het ʼn kerk onder hulle gestig.

36 En so het die werk van die Here begin onder die Lamaniete; so het die Here begin om sy Gees uit te stort op hulle; en ons sien dat sy arm uitgestrek is na [a]alle mense wat sal bekeer en in sy Naam sal glo.

## HOOFSTUK 20

*Die Here stuur Ammon na Middoni om sy gevange broers te bevry—Ammon en Lamoni ontmoet Lamoni se vader wat koning is oor die hele land—Ammon verplig die ou koning om die vrylating van sy broers goed te keur. Ongeveer 90 v.C.*

En dit het gebeur dat toe hulle ʼn kerk in daardie land gevestig het, dat koning Lamoni begeer het dat Ammon met hom moes gaan na die land Nefi, sodat hy hom aan sy vader kon toon.

2 En die stem van die Here het na Ammon gekom, en gesê: Jy sal nie opgaan na die land Nefi nie, want kyk, die koning sal jou lewe soek; maar jy sal na die land Middoni gaan; want kyk, jou broer, Aäron, en ook Muloki en Amma is in die gevangenis.

3 Nou, dit het gebeur dat toe Ammon dit gehoor het, het hy aan Lamoni gesê: Kyk, my broer en broers is in die gevangenis in Middoni, en ek gaan sodat ek hulle mag bevry.

4 Nou het Lamoni aan Ammon gesê: Ek weet, in die [a]krag van die Here kan jy alle dinge doen. Maar kyk, ek sal met jou gaan na die land Middoni; want die koning van die land Middoni, wie se naam Antiomno is, is ʼn vriend van my; daarom gaan ek na die land Middoni, sodat ek die koning van die land kan vlei, en hy sal jou broers uit die [b]gevangenis werp. Nou het Lamoni aan hom gesê: Wie het jou gesê dat jou broers in die gevangenis is?

5 En Ammon het aan hom gesê: Niemand het aan my gesê nie, behalwe God; en Hy het aan my gesê—Gaan en bevry jou broers, want hulle is in die gevangenis in die land Middoni.

6 Nou toe Lamoni dit gehoor het, het hy sy diensknegte, sy [a]perde en sy waens laat gereedmaak.

33*a* GS Wedergebore, Gebore uit God.
*b* Mosia 5:2; Alma 13:12.
34*a* GS Engele.
35*a* GS Doop.
36*a* 2 Ne. 26:33; Alma 5:33.
**20** 4*a* Alma 26:12.
*b* Alma 20:28–30.
6*a* Alma 18:9–10.

7 En hy het aan Ammon gesê:
Kom, ek sal met jou afgaan na die
land Middoni, en daar sal ek by
die koning pleit dat hy jou broers
uit die gevangenis werp.
8 En dit het gebeur dat terwyl
Ammon en Lamoni daarheen ge-
reis het, het hulle die vader van
Lamoni ontmoet, wat koning was
[a]oor die hele land.
9 En kyk, die vader van Lamoni
het aan hom gesê: Hoekom het jy
nie na die [a]fees gekom op daardie
groot dag toe ek vir my seuns en
vir my volk ʼn fees gehou het nie?
10 En hy het ook gesê: Waarheen
gaan jy met hierdie Nefiet, wat
een van die kinders van ʼn [a]leue-
naar is?
11 En dit het gebeur dat Lamoni
aan hom vertel het waarheen hy
op pad was, want hy was bang
om hom te mishaag.
12 En hy het hom ook al die oor-
sake vertel van sy getalm in sy eie
koninkryk, dat hy nie opgegaan
het na sy vader, na die fees wat
hy voorberei het nie.
13 En nou toe Lamoni aan hom
al hierdie dinge vertel het, kyk,
tot sy verbasing, was sy vader
kwaad vir hom, en het gesê: La-
moni, jy gaan hierdie Nefiete be-
vry, wat seuns is van ʼn leuenaar!
Kyk, hy het ons vaders beroof;
nou het sy kinders ook onder
ons gekom sodat hulle ons, deur
hulle sluheid en hulle leuen-
taal, mag bedrieg, sodat hulle
ons weer kan berowe van ons
besittings.
14 Nou het die vader van La-
moni hom beveel dat hy Ammon
met die swaard moes doodmaak.
En hy het hom ook beveel dat hy
nie na die land Middoni moes
gaan nie, maar dat hy met hom
moes terugkeer na die land [a]Is-
mael.
15 Maar Lamoni het aan hom
gesê: Ek sal Ammon nie dood-
maak nie, nóg sal ek terugkeer
na die land Ismael, maar ek gaan
na die land Middoni sodat ek die
broers van Ammon mag loslaat,
want ek weet dat hulle regverdige
manne is en heilige profete van
die ware God.
16 Nou toe sy vader hier-
die woorde gehoor het, was hy
kwaad vir hom, en hy het sy
swaard uitgetrek sodat hy hom
teen die grond mag slaan.
17 Maar Ammon het na vore ge-
tree en het aan hom gesê: Kyk, u
sal nie u seun doodmaak nie; nog-
tans, dit sou [a]beter wees dat hy
sou val as u, want kyk, hy het [b]be-
keer van sy sondes; maar as u sou
val op hierdie tyd, in u toorn, kon
u siel nie gered word nie.
18 En verder, dit is raadsaam
dat u moet terughou; want as u
u seun sou [a]doodmaak, omdat hy
ʼn onskuldige man is, sal sy bloed
roep van die grond na die Here sy
God, om wraak oor u te laat kom;
en miskien sal u u [b]siel verloor.

8*a* Alma 22:1.
9*a* Alma 18:9.
10*a* Mosia 10:12–17.
14*a* Alma 17:19.
17*a* Alma 48:23.
*b* Alma 19:12–13.
18*a* GS Moord.
*b* L&V 42:18.

19 Nou, toe Ammon hierdie woorde aan hom gesê het, het hy hom geantwoord, en gesê: Ek weet dat as ek my seun sou doodmaak, dat ek onskuldige bloed sou vergiet; want dit is jy wat gesoek het om hom te vernietig.

20 En hy het sy hand uitgestrek om Ammon dood te maak. Maar Ammon het sy houe weerstaan, en ook sy arm geslaan dat hy dit nie kon gebruik nie.

21 Nou, toe die koning sien dat Ammon hom kon doodmaak, het hy begin om met Ammon te pleit dat hy sy lewe moes spaar.

22 Maar Ammon het sy swaard opgehef, en aan hom gesê: Kyk, ek sal u doodslaan tensy u aan my sal gun dat my broers uit die gevangenis gewerp word.

23 Nou het die koning, omdat hy bang was dat hy sy lewe sou verloor, gesê: As jy my spaar, sal ek aan jou gee wat jy ook al sal vra, selfs tot die helfte van die koninkryk.

24 Nou, toe Ammon sien dat hy met die ou koning bereik het volgens sy begeerte, het hy aan hom gesê: As u sal toelaat dat my broers uit die gevangenis gewerp mag word, en ook dat Lamoni sy koninkryk mag behou, en dat u nie ontevrede met hom sal wees nie, maar gun dat hy mag doen volgens sy eie begeertes, in [a]watter ding hy ook al dink, dan sal ek u spaar, anders sal ek u teen die grond slaan.

25 Nou, toe Ammon hierdie woorde gesê het, het die koning begin juig vanweë sy lewe.

26 En toe hy sien dat Ammon geen begeerte gehad het om hom te vernietig nie, en toe hy ook die groot liefde sien wat hy vir sy seun Lamoni gehad het, was hy uitermate verbaas, en het gesê: Omdat dit al is wat jy begeer het, dat ek jou broers moet loslaat, en toelaat dat my seun Lamoni sy koninkryk moet behou, kyk, sal ek aan jou gun dat my seun sy koninkryk mag behou van hierdie tyd en vir ewig; en ek sal nie meer oor hom heers nie—

27 En ek sal ook aan jou gun dat jou broers uit die gevangenis gewerp word, en jy en jou broers mag na my kom in my koninkryk; want ek sal julle baie graag wil sien. Want die koning was grootliks verbaas oor die woorde wat hy gespreek het, en ook oor die woorde wat gespreek was deur sy seun Lamoni, daarom was hy [a]begerig om hulle te leer.

28 En dit het gebeur dat Ammon en Lamoni op hulle reis voortgegaan het na die land Middoni. En Lamoni het guns gevind in die oë van die koning van die land; daarom is die broers van Ammon uitgebring uit die gevangenis.

29 En toe Ammon hulle ontmoet, was hy uitermate bedroef, want kyk hulle was naak, en hulle velle was uitermate geskaaf, omdat hulle met sterk toue gebind was. En hulle het ook honger, dors, en allerlei soorte verdrukkinge gely;

24*a* Alma 21:21–22.

27*a* GS Nederig, Nederigheid.

nogtans was hulle [a]geduldig in al hulle lyding.

30 En, soos dit gebeur het, was dit hulle lot om in die hande te val van 'n meer geharde en 'n meer hardnekkige volk; daarom wou hulle nie ag slaan op hulle woorde nie, en hulle het hulle uitgewerp, en het hulle geslaan, en het hulle gedryf van huis tot huis, en van plek tot plek, en wel totdat hulle aangekom het in die land Middoni; en daar is hulle geneem en in die gevangenis gewerp, en gebind met [a]sterk toue, en vir baie dae in die gevangenis gehou, en is bevry deur Lamoni en Ammon.

---

'n Kroniek van die prediking van Aäron, en Muloki, en hulle broers, aan die Lamaniete.

*Dit behels hoofstukke 21 tot 25.*

## HOOFSTUK 21

*Aäron onderrig die Amalekiete aangaande Christus en sy Versoening—Aäron en sy broers word in die gevangenis gewerp in Middoni—Na hulle bevryding, onderrig hulle in die sinagoges en maak baie bekeerlinge—Lamoni gun godsdiensvryheid aan die volk in die land Ismael. Ongeveer 90–77 v.C.*

NOU, toe Ammon en sy broers van mekaar [a]geskei het op die grense van die land van die Lamaniete, kyk het Aäron sy reis onderneem na die land wat deur die Lamaniete Jerusalem genoem is, genoem na die land van hulle vaders se geboorte; en dit was ver weg, aangrensend aan Mormon.

2 Nou het die Lamaniete en die Amalekiete en die volk van [a]Amulon 'n groot stad gebou, wat Jerusalem genoem is.

3 Nou was die Lamaniete vanself reeds genoegsaam verhard, maar die Amalekiete en die Amuloniete was nog meer verhard; daarom het hulle die Lamaniete hulle hul harte laat verhard, dat hulle sterk sou word in boosheid en hulle gruwels.

4 En dit het gebeur dat Aäron in die stad Jerusalem gekom het, en eerste vir die Amalekiete begin preek het. En hy het begin om vir hulle in hulle sinagoges te preek, want hulle het sinagoges gebou volgens die [a]orde van die Nehors; want baie van die Amalekiete en die Amuloniete was van die orde van die Nehors.

5 Daarom, toe Aäron in een van hulle sinagoges ingegaan het om vir die volk te preek, en terwyl hy met hulle gespreek het, kyk, het daar 'n Amalekiet opgestaan en begin om met hom te stry, en het gesê: Wat is dit wat jy getuig het? Het jy 'n [a]engel gesien? Hoekom verskyn engele nie aan ons nie? Kyk, is hierdie volk nie net so goed soos jou volk nie?

29*a* Alma 17:11.
30*a* Alma 26:29.
**21** 1*a* Alma 17:13, 17.
2*a* Mosia 24:1; Alma 25:4–9.
4*a* Alma 1:2–15.
5*a* Mosia 27:11–15.

6 Jy sê ook, tensy ons bekeer, sal ons vergaan. Hoe ken jy die gedagtes en voornemens van ons harte? Hoe weet jy dat ons rede het om te bekeer? Hoe weet jy dat ons nie ʼn regverdige volk is nie? Kyk, ons het heiligdomme gebou, en ons kom byeen om God te aanbid. Ons glo wel dat God alle mense sal red.

7 Nou het Aäron aan hom gesê: Glo jy dat die Seun van God sal kom om die mensdom van hulle sondes te verlos?

8 En die man het aan hom gesê: Ons glo nie dat jy enige so ʼn ding weet nie. Ons glo nie aan hierdie dwase oorleweringe nie. Ons glo nie dat jy weet van [a]dinge wat moet kom nie, nóg glo ons dat jou vaders en ook ons vaders geweet het aangaande die dinge wat hulle gespreek het, van dit wat moet kom.

9 Nou het Aäron begin om die skrifture vir hulle te open aangaande die koms van Christus, en ook aangaande die opstanding van die dode, en dat daar [a]geen verlossing kon wees vir die mensdom nie behalwe deur die dood en lyding van Christus, en die [b]versoening van sy bloed.

10 En dit het gebeur terwyl hy besig was om hierdie dinge aan hulle uit te lê, was hulle vir hom kwaad, en het begin om hom te bespot; en hulle wou nie die woorde hoor wat hy gespreek het nie.

11 Daarom, toe hy sien dat hulle nie sy woorde wou hoor nie, het hy vertrek uit hulle sinagoge, en oorgekom na ʼn gehuggie wat genoem is Ani-Anti, en daar het hy Muloki gevind wat die woord aan hulle gepreek het; en ook Amma en sy broers. En hulle het met baie gestry oor die woord.

12 En dit het gebeur dat hulle gesien het dat die volk hulle harte sou verhard, daarom het hulle vertrek en oorgekom in die land Middoni. En hulle het die woord aan baie gepreek, en min het geglo in die woorde wat hulle geleer het.

13 Nogtans, Aäron en ʼn sekere aantal van sy broers is geneem en in die gevangenis gewerp, en die res van hulle het uit die land Middoni na die streke rondomheen gevlug.

14 En diegene wat in die gevangenis gewerp is, het baie dinge [a]gely, en hulle is bevry deur die hand van Lamoni en Ammon, en hulle is gevoed en geklee.

15 En hulle het weer uitgegaan om die woord te verkondig, en so is hulle vir die eerste keer uit die gevangenis bevry; en so het hulle gely.

16 En hulle het uitgegaan waarheen hulle ook al gelei is deur die [a]Gees van die Here, en die woord van God in elke sinagoge van die Amalekiete gepreek, of in elke vergadering van die Lamaniete waar hulle toegelaat kon word.

17 En dit het gebeur dat die Here begin het om hulle te seën, in so ʼn mate dat hulle baie gebring het tot

8*a* Jakob 7:1–8.
9*a* Mosia 5:8; Alma 38:9.
*b* GS Versoen, Versoening.
14*a* Alma 20:29.
16*a* Alma 22:1.

die kennis van die waarheid; ja, hulle het baie [a]oortuig van hulle sondes, en van die oorleweringe van hulle vaders, wat nie juis was nie.

18 En dit het gebeur dat Ammon en Lamoni teruggekeer het uit die land Middoni na die land Ismael, wat die land van hulle erfenis was.

19 En koning Lamoni wou nie toelaat dat Ammon hom moes dien, of sy dienskneg wees nie.

20 Maar hy het sinagoges laat bou in die land Ismael; en hy het sy volk, of die volk wat onder sy heerskappy was, bymekaar laat kom.

21 En hy het hom verheug oor hulle, en hy het hulle baie dinge geleer. En hy het ook aan hulle verkondig dat hulle ′n volk was wat onder hom was, en dat hulle ′n vrye volk was, dat hulle vry was van die onderdrukkinge van die koning, sy vader; omdat sy vader dit aan hom gegun het dat hy mag heers oor die volk wat in die land Ismael was, en in die hele land rondomheen.

22 En hy het ook aan hulle verkondig dat hulle die [a]vryheid mag hê om die Here hulle God te aanbid volgens hulle begeertes, in welke plek hulle ook al was, as dit in die land was wat onder die heerskappy van koning Lamoni was.

23 En Ammon het vir die volk van koning Lamoni gepreek; en dit het gebeur dat hy hulle alle dinge geleer het aangaande regverdigheid. En hy het hulle daagliks vermaan met alle ywer; en hulle het gehoor gegee aan sy woord, en hulle was ywerig in die onderhouding van die gebooie van God.

## HOOFSTUK 22

*Aäron leer Lamoni se vader aangaande die Skepping, die Val van Adam, en die plan van verlossing deur Christus—Die koning en sy hele huishouding word bekeer—Die verdeling van die land tussen die Nefiete en die Lamaniete word verduidelik. Ongeveer 90–77 v.C.*

NOU, terwyl Ammon op hierdie wyse die volk van Lamoni voortdurend geleer het, sal ons terugkeer na die kroniek van Aäron en sy broers; want nadat hy vertrek het uit die land Middoni, is hy deur die Gees na die land Nefi [a]gelei, en wel na die huis van die koning wat oor die hele land was, [b]behalwe oor die land Ismael; en hy was die vader van Lamoni.

2 En dit het gebeur dat hy ingegaan het na hom in die koning se paleis, met sy broers, en hom neergebuig het voor die koning, en aan hom gesê het: Kyk, o koning, ons is die broers van Ammon, wat u [a]bevry het uit die gevangenis.

17*a* L&V 18:44.
22*a* L&V 134:1–4; Gel. Art. 1:11. GS Vry, Vryheid.
**22** 1*a* Alma 21:16–17.
*b* Alma 21:21–22.
2*a* Alma 20:26.

3 En nou, o koning, as u ons le-
wens sal spaar, sal ons u diens-
knegte wees. En die koning het
aan hulle gesê: Staan op, want
ek sal aan julle jul lewens skenk,
en ek sal nie toelaat dat julle my
diensknegte sal wees nie; maar
ek sal aandring dat julle vir my
sal preek; want ek was ietwat ver-
ontrus in my gemoed vanweë die
onselfsugtigheid en die grootheid
van die woorde van julle broer
Ammon; en ek begeer om die rede
te weet hoekom hy nie opgekom
het uit Middoni met julle nie.
4 En Aäron het aan die koning
gesê: Kyk, die Gees van die Here
het hom na ′n ander plek geroep;
hy het gegaan na die land Ismael,
om die volk van Lamoni te leer.
5 Nou het die koning aan hulle
gesê: Wat is dit wat julle gesê
het aangaande die Gees van die
Here? Kyk, dit is die ding wat my
verontrus.
6 En ook, wat is dit wat Ammon
gesê het—[a]As u sal bekeer sal u
gered word, en as u nie bekeer
nie, sal u op die laaste dag ver-
werp word?
7 En Aäron het hom geantwoord
en aan hom gesê: Glo u dat daar
′n God is? En die koning het
gesê: Ek weet dat die Amalekiete
sê dat daar ′n God is, en ek het
aan hulle gegun dat hulle heilig-
domme mag bou, sodat hulle hul
kan versamel om Hom te aanbid.
En as jy nou sê dat daar ′n God is,
kyk, ek sal [a]glo.
8 En nou toe Aäron dit gehoor
het, het sy hart begin om te ju-
bel, en hy het gesê: Kyk, so waar
as wat u leef, o koning, daar is
′n God.
9 En die koning het gesê: Is God
daardie [a]Groot Gees wat ons va-
ders uit die land Jerusalem ge-
bring het?
10 En Aäron het aan hom gesê:
Ja, Hy is daardie Groot Gees, en
Hy het alle dinge [a]geskape beide
in die hemel en op die aarde. Glo
u dit?
11 En hy het gesê: Ja, ek glo dat
die Groot Gees alle dinge geskape
het, en ek begeer dat jy my moet
vertel aangaande al hierdie dinge,
en ek sal jou woorde [a]glo.
12 En dit het gebeur dat toe
Aäron sien dat die koning sy
woorde sou glo, het hy begin by
die skepping van Adam, en die
skrifture [a]gelees aan die koning—
hoe God die mens geskape het na
sy eie beeld, en dat God hom ge-
booie gegee het, en dat vanweë
oortreding, die mens geval het.
13 En Aäron het aan hom die
skrifture uitgelê vanaf die [a]skep-
ping van Adam, en die val van
die mens aan hom verduidelik,
en hulle vleeslike toestand en ook
die [b]plan van verlossing, wat be-
rei is [c]vanaf die grondlegging
van die wêreld, deur Christus,

6 *a* Alma 20:17–18.
7 *a* L&V 46:13–14.
9 *a* Alma 18:18–28.
10 *a* GS Skep, Skepping.
11 *a* GS Geloof, Glo.
12 *a* 1 Ne. 5:10–18; Alma 37:9.
13 *a* Gén. 1:26–28.
*b* GS Plan van Verlossing.
*c* 2 Ne. 9:18.

vir almal wat ook al sal glo in sy
Naam.
14 En aangesien die mens [a]geval het, kon hy niks uit homself [b]verdien nie, maar die lydings en dood van Christus [c]versoen vir hulle sondes, deur geloof en bekering, ensovoorts; en dat Hy die bande van die dood verbreek het, dat die [d]graf geen oorwinning sal hê nie, en dat die angel van die dood opgesluk word in die hoop van heerlikheid; en Aäron het al hierdie dinge uitgelê aan die koning.
15 En dit het gebeur dat nadat Aäron hierdie dinge aan hom uitgelê het, het die koning gesê: [a]Wat moet ek doen dat ek hierdie ewige lewe mag hê waarvan jy gespreek het? Ja, wat moet ek doen dat ek [b]gebore mag word uit God, en dat hierdie goddelose gees uit my bors ontwortel word, en sy Gees ontvang, sodat ek vervul mag word met blydskap, sodat ek nie mag verwerp word op die laaste dag nie? Kyk, het hy gesê, ek sal [c]alles prysgee wat ek besit, ja, ek sal my koninkryk opgee sodat ek hierdie groot vreugde mag ontvang.
16 Maar Aäron het aan hom gesê: As u hierdie ding [a]begeer, as u sal neerbuig voor God, ja, as u sal bekeer van al u sondes, en sal neerbuig voor God, en sy Naam aanroep in geloof, en glo dat u sal ontvang, dan sal u die [b]hoop ontvang wat u begeer.
17 En dit het gebeur dat toe Aäron hierdie woorde gesê het, het die koning op sy knieë [a]neergebuig voor die Here; ja, en het hy selfs plat gelê op die aarde en kragtig [b]uitgeroep, en gesê:
18 O God, Aäron het my vertel dat daar ′n God is; en as daar ′n God is, en as U God is, sal U Uself aan my bekend maak, en ek sal al my sondes weggee om U te ken, en sodat ek opgewek mag word uit die dood, en gered mag word op die laaste dag. En nou toe die koning hierdie woorde gesê het, is hy getref asof hy dood was.
19 En dit het gebeur dat sy diensknegte gehardloop en die koningin alles vertel wat met die koning gebeur het. En sy het ingekom na die koning; en toe sy hom sien lê asof hy dood was, en ook Aäron en sy broers staan asof hulle die oorsaak was van sy val, was sy kwaad vir hulle, en beveel dat haar diensknegte, of die diensknegte van die koning, hulle moes neem en hulle doodmaak.
20 Nou het die diensknegte die oorsaak gesien van die koning se val, daarom het hulle nie gedurf om hulle hande op Aäron en sy broers te lê nie; en hulle het gepleit by die koningin, en gesê:

14*a* GS Val van Adam en Eva.
*b* 2 Ne. 25:23; Alma 42:10–25.
*c* Alma 34:8–16. GS Versoen, Versoening.
*d* Jes. 25:8; 1 Kor. 15:55.
15*a* Hand. 2:37.
*b* Alma 5:14, 49.
*c* Matt. 13:44–46; 19:16–22.
16*a* GS Bekeer, Bekering.
*b* Ether 12:4.
17*a* L&V 5:24.
*b* GS Gebed.

Hoekom beveel u dat ons hierdie manne moet doodmaak, terwyl kyk, een van hulle [a]magtiger is as ons almal? Daarom sal ons voor hulle val.

21 Nou toe die koningin die vrees van die diensknegte sien, het sy ook begin om uitermate te vrees, dat daar een of ander boosheid oor haar sou kom. En sy het haar diensknegte beveel dat hulle moes gaan en al die volk roep, sodat hulle Aäron en sy broers mag doodmaak.

22 Nou toe Aäron die vasberadenheid van die koningin sien, het hy, omdat hy die hardheid van die harte van die volk geken het, gevrees dat 'n skare bymekaar sou kom, en dat daar 'n groot twis en 'n oproer onder hulle sou wees; daarom het hy sy hand uitgesteek en die koning opgelig van die grond, en aan hom gesê: Staan. En hy het gestaan op sy voete, en sy krag ontvang.

23 Nou, dit is gedoen in die teenwoordigheid van die koningin en baie van die diensknegte. En toe hulle dit sien, was hulle grootliks verbaas, en het begin om te vrees. En die koning het vorentoe gekom, en vir hulle begin onderrig. En hy het hulle [a]onderrig in soverre dat sy hele huishouding [b]bekeer is tot die Here.

24 Nou was daar 'n skare bymekaar vergader as gevolg van die bevel van die koningin, en daar het begin om groot murmurerings onder hulle te wees vanweë Aäron en sy broers.

25 Maar die koning het opgestaan onder hulle en hulle onderrig. En hulle is gekalmeer teenoor Aäron en diegene wat saam met hom was.

26 En dit het gebeur dat toe die koning sien dat die volk gekalmeer is, het hy Aäron en sy broers laat opstaan in die midde van die skare, en dat hulle die woord moes preek aan hulle.

27 En dit het gebeur dat die koning 'n [a]aankondiging gestuur het dwarsdeur die land, onder al sy mense wat in sy hele land was, wat in al die streke rondom was, wat selfs aangrensend aan die see was, aan die oostekant en aan die westekant, en wat geskei was van die land [b]Zarahemla deur 'n smal strook van wildernis, wat gestrek het van die see oos tot by die see wes, en rondomheen op die grense van die seekus, en die grense van die wildernis wat aan die noordekant was by die land Zarahemla, deur die grense van Manti, by die oorsprong van die Sidon-rivier, wat strek van die ooste na die weste—en so is die Lamaniete en die Nefiete geskei.

28 Nou, die [a]luiste gedeelte van die Lamaniete het in die wildernis gewoon, en het in tente gewoon; en hulle was versprei deur die wildernis aan die weste, in die

20*a* Alma 18:1–3.
23*a* GS Dien; Onderrig, Onderwyser; Preek.
*b* GS Bekeer, Bekering.
27*a* Alma 23:1–4.
*b* Omni 1:13–17.
28*a* 2 Ne. 5:22–25.

land Nefi; ja, en ook aan die westekant van die land Zarahemla, by die grense van die seekus, en aan die westekant in die land Nefi, in die plek van hulle vaders se eerste erfenis, en dus aangrensend aan die seekus.

29 En ook was daar baie Lamaniete aan die oostekant by die seekus, waarheen die Nefiete hulle verdrywe het. En dus is die Nefiete byna omsingel deur die Lamaniete; nogtans het die Nefiete besit geneem van al die noordelike dele van die land aangrensend aan die wildernis, by die oorsprong van die Sidon-rivier, van die ooste na die weste, rondomheen aan die wildernis se kant; aan die noordekant, totdat hulle by die land gekom het wat hulle [a]Oorvloed genoem het.

30 En dit het gegrens aan die land wat hulle [a]Verlatenheid genoem het, omdat dit so ver noordwaarts was dat dit in die land gekom het wat bevolk en verwoes was, van wie se [b]beendere ons gespreek het, wat ontdek is deur die volk van Zarahemla, want dit was die plek waar hulle [c]eerste geland het.

31 En hulle het vandaar opgekom in die suidelike wildernis. Daarom is die land aan die noordekant genoem [a]Verlatenheid, en die land aan die suidekant is genoem Oorvloed, en dit was die wildernis wat gevul is met allerlei wilde diere van elke soort, ′n gedeelte waarvan gekom het van die land noordwaarts vir voedsel.

32 En nou, dit was net die [a]afstand van ′n dag en ′n half se reis vir ′n Nefiet, op die grenslyn tussen Oorvloed en die land Verlatenheid, van die oostelike tot die westelike see; en dus is die land Nefi en die land Zarahemla byna omring deur water, en daar was ′n smal [b]landengte tussen die land noordwaarts en die land suidwaarts.

33 En dit het gebeur dat die Nefiete die land Oorvloed bewoon het, en wel van die oostelike tot by die westelike see, en so het die Nefiete in hul wysheid, met hulle wagte en hul leërs, die Lamaniete ingeperk in die suide, sodat hulle daardeur nie meer besittings in die noorde kon hê nie, sodat hulle nie die land noordwaarts kon oorstroom nie.

34 Daarom kon die Lamaniete nie meer besittings hê nie behalwe in die land Nefi, en die wildernis rondomheen. Nou dit was wysheid in die Nefiete—omdat die Lamaniete ′n vyand was van hulle, wou hulle nie hul onderdrukking toelaat aan elke kant nie, en ook sodat hulle ′n land mag hê waarheen hulle mag vlug, volgens hul begeertes.

35 En nou ek, nadat ek dit gesê het, keer weer terug na die kroniek van Ammon en Aäron, Omner en Himni, en hulle broers.

29*a* Alma 52:9; 63:5.
30*a* Alma 50:34; Morm. 4:1–3.
*b* Mosia 8:7–12; 28:11–19.
*c* Hel. 6:10.
31*a* Hel. 3:5–6.
32*a* Hel. 4:7.
*b* Alma 50:34.

## HOOFSTUK 23

*Godsdiensvryheid word aangekondig—Die Lamaniete in sewe lande en stede word bekeer—Hulle noem hulself Anti-Nefi-Lehi's en word bevry van die vloek—Die Amalekiete en die Amuloniete verwerp die waarheid. Ongeveer 90–77 v.C.*

KYK, nou het dit gebeur dat die koning van die Lamaniete 'n [a]aankondiging uitgestuur het onder al sy mense, dat hulle nie hulle hande mag lê op Ammon, of Aäron, of Omner, of Himni, nóg enige van hulle broers wat sou uitgaan om die woord van God te preek nie, in watter plek hulle ook al mag wees, in enige deel van hulle land.
2 Ja, hy het 'n dekreet uitgestuur onder hulle, dat hulle nie hul hande op hulle mag lê om hulle te bind, of om hulle in die gevangenis te werp nie; nóg mag hulle op hulle spoeg, nóg hulle slaan, nóg hulle uitwerp uit hul sinagoges, nóg hulle gésel; nóg mag hulle klippe na hulle gooi, maar dat hulle vrye toegang moet hê tot hulle huise, en ook tot hulle tempels, en hulle heiligdomme.
3 En so mag hulle uitgaan en die woord preek volgens hul begeertes, want die koning was bekeer tot die Here, en sy hele huishouding; daarom het hy sy aankondiging dwarsdeur die land aan sy volk uitgestuur, sodat die woord van God geen teenkanting mag hê nie, maar sodat dit mag uitgaan deur die hele land, sodat sy volk oortuig mag word aangaande die goddelose [a]oorleweringe van hulle vaders, en sodat hulle oortuig mag word dat hulle almal broers was, en dat hulle nie behoort te moor, nóg plunder, nóg steel, nóg egbreuk te pleeg, nóg enige wyse van boosheid te pleeg.
4 En nou het dit gebeur dat toe die koning hierdie aankondiging uitgestuur het, dat Aäron en sy broers van stad tot stad gegaan het, en van een huis van aanbidding na 'n ander, en kerke gestig, en priesters en leraars geordineer dwarsdeur die land onder die Lamaniete, om te preek en die woord van God te onderrig onder hulle; en so het hulle begin om groot sukses te behaal.
5 En duisende is gebring tot die kennis van die Here, ja, duisende is gebring om te glo in die [a]oorleweringe van die Nefiete; en hulle is die [b]kronieke en profesieë geleer wat oorgedra is tot op die huidige tyd.
6 En sowaar as die Here leef, so is dit waar dat soveel as wat geglo het, of soveel as wat gebring is tot die kennis van die waarheid, deur die prediking van Ammon en sy broers, volgens die gees van openbaring en van profesie, en die krag van God wat wonderwerke in hulle bewerk het—ja, ek sê vir julle, sowaar as die Here

**23** 1*a* Alma 22:27.
3*a* Alma 26:24.
5*a* Alma 37:19.
*b* Alma 63:12.
GS Skrifture.

leef, het soveel van die Lamaniete as wat aan hulle prediking geglo het, en [a]bekeer is tot die Here, [b]nooit afvallig geword nie.

7 Want hulle het ʼn regverdige volk geword; hulle het die wapens van hulle rebellie neergelê, sodat hulle nie langer teen God geveg het nie, nóg teen enige van hulle broers.

8 Nou, dit is [a]hulle wat tot die Here bekeer is:

9 Die volk van die Lamaniete wat in die land Ismael was;

10 En ook die volk van die Lamaniete wat in die land Middoni was;

11 En ook van die volk van die Lamaniete wat in die stad Nefi was;

12 En ook van die volk van die Lamaniete wat in die land [a]Silom was, en wat in die land Semlon was, en in die stad Lemuel, en in die stad Simnilom.

13 En dit is die name van die stede van die Lamaniete wat [a]bekeer is tot die Here; en dit is hulle wat die wapens van hulle rebellie neergelê het, ja, al hulle wapens van oorlog; en hulle was almal Lamaniete.

14 En die Amalekiete is nie [a]bekeer nie, behalwe net een; nóg was enige van die [b]Amuloniete, maar hulle het hul harte verhard, en ook die harte van die Lamaniete in daardie deel van die land waar hulle ook al gewoon het, ja, en in al hulle dorpies en al hulle stede.

15 Daarom, ons het al die stede van die Lamaniete waarin hulle bekeer het en gekom het tot die kennis van die waarheid, en bekeer is, genoem.

16 En nou, dit het gebeur dat die koning en diegene wat bekeer was, begerig was dat hulle ʼn naam mag hê, sodat hulle daardeur onderskei mag word van hulle broers; daarom het die koning met Aäron geraadpleeg, en baie van hulle priesters, aangaande die naam wat hulle op hulle moes neem, sodat hulle onderskei mag word.

17 En dit het gebeur dat hulle hul name [a]Anti-Nefi-Lehi's genoem het; en hulle is by hierdie naam genoem en is nie meer Lamaniete genoem nie.

18 En hulle het begin om ʼn baie hardwerkende volk te word, ja, en hulle was vriendelik met die Nefiete; daarom, hulle het vriendelike verhoudinge met hulle begin, en die [a]vloek van God het hulle nie meer gevolg nie.

## HOOFSTUK 24

*Die Lamaniete trek op teen die volk van God—Die Anti-Nefi-Lehi's verbly hulle in Christus en word besoek deur engele—Hulle verkies om die dood te ly eerder as om hulleself*

6*a* GS Bekeer, Bekering.
*b* Alma 27:27.
8*a* Alma 26:3, 31.
12*a* Mosia 22:8, 11.
13*a* Alma 53:10.
14*a* Alma 24:29.
*b* Mosia 23:31–39.
17*a* GS Anti-Nefi-Lehi's.
18*a* 1 Ne. 2:23; 2 Ne. 30:5–6; 3 Ne. 2:14–16.

*te verdedig—Meer Lamaniete word bekeer. Ongeveer 90–77 v.C.*

En dit het gebeur dat die Amalekiete en die Amuloniete en die Lamaniete wat in die land Amulon was, en ook in die land Helam, en wat in die land [a]Jerusalem was, en kortom, in die hele land rondomheen, wat nie bekeer was nie en nie op hulle die naam van [b]Anti-Nefi-Lehi geneem het nie, is deur die Amalekiete en deur die Amuloniete tot toorn ontstook teen hulle broers.

2 En hulle haat het uitermate hewig geword teenoor hulle, tot so ′n mate dat hulle begin het om te rebelleer teen hulle koning, tot so ′n mate dat hulle nie wou hê dat hy hulle koning moes wees nie; daarom, hulle het die wapens opgeneem teen die volk van Anti-Nefi-Lehi.

3 Nou het die koning die koninkryk oorgedra aan sy seun, en hy het sy naam Anti-Nefi-Lehi genoem.

4 En die koning het gesterwe in daardie selfde jaar wat die Lamaniete begin het om voorbereidsels te maak vir oorlog teen die volk van God.

5 Nou, toe Ammon en sy broers en al diegene wat saam met hom opgekom het die voorbereidsels van die Lamaniete sien om hulle broers te vernietig, het hulle uitgekom na die land Midian, en daar het Ammon al sy broers ontmoet; en daarvandaan het hulle gekom na die land Ismael; sodat hulle mag [a]beraadslaag met Lamoni en ook met sy broer Anti-Nefi-Lehi, oor wat hulle moes doen om hulself te verdedig teen die Lamaniete.

6 Nou, daar was nie een siel onder al die mense wat tot die Here bekeer is wat wapens teen hul broers wou opneem nie; nee, hulle wou nie eers enige voorbereidsels maak vir oorlog nie; ja, en ook hulle koning het beveel dat hulle nie moes nie.

7 Nou, dit is die woorde wat hy gesê het aan die volk aangaande die saak: Ek dank my God, my geliefde volk, dat ons grote God in goedheid hierdie ons broers, die Nefiete, na ons gestuur het om vir ons te preek, en om ons te oortuig van die [a]oorleweringe van ons goddelose vaders.

8 En kyk, ek dank my grote God dat Hy ons ′n deel van sy Gees gegee het om ons harte te versag, dat ons met hierdie broers, die Nefiete, vriendelike verhoudinge begin het.

9 En kyk, ek dank ook my God dat deur hierdie vriendelike verhouding te begin, is ons oortuig van ons [a]sondes, en van die baie moorde wat ons gepleeg het.

10 En ek dank ook my God, ja, my grote God, dat Hy aan ons gegun het dat ons mag bekeer van hierdie dinge, en ook dat Hy ons [a]vergewe het van ons baie sondes

**24** 1*a* Alma 21:1.
*b* Alma 25:1, 13.
5*a* Alma 27:4–13.
7*a* Mosia 1:5.
9*a* L&V 18:44.
10*a* Dan. 9:9.

en moorde wat ons gepleeg het,
en die [b]skuld van ons harte weg-
geneem het, deur die verdienstes
van sy Seun.
11 En nou kyk, my broers, aan-
gesien dit al was wat ons kon
doen (omdat ons die mees ver-
lore van die hele mensdom was)
om te bekeer van al ons sondes
en die baie moorde wat ons ge-
pleeg het, en om God te kry om
hulle [a]weg te neem van ons harte,
want dit was al wat ons kon doen
om voldoende te bekeer voor God
dat Hy ons vlek kon wegneem—
12 Nou, my mees geliefde
broers, aangesien God ons vlekke
weggeneem het, en ons swaarde
blink geword het, dan laat ons nie
meer ons swaarde bevlek met die
bloed van ons broers nie.
13 Kyk, ek sê vir julle, Nee, laat
ons ons swaarde behou, sodat
hulle nie bevlek word met die
bloed van ons broers nie; want
miskien, as ons ons swaarde weer
bevlek kan hulle nie meer helder
[a]gewas word deur die bloed van
die Seun van ons grote God, wat
gestort sal word vir die versoe-
ning van ons sondes nie.
14 En die grote God het barm-
hartigheid gehad oor ons, en het
hierdie dinge aan ons bekend
gemaak sodat ons nie mag ver-
gaan nie; ja, en Hy het hierdie
dinge vooraf aan ons bekend ge-
maak, omdat Hy ons [a]siele liefhet
net soos Hy ons kinders liefhet;
daarom, in sy barmhartigheid be-
soek Hy ons deur sy engele, sodat
die [b]heilsplan aan ons bekend ge-
maak mag word sowel as aan toe-
komstige geslagte.
15 O hoe barmhartig is ons God!
En nou kyk, aangesien dit soveel
was as wat ons kon doen om ons
vlekke van ons weggeneem te kry,
en ons swaarde blinkgemaak is,
laat ons hulle wegsteek sodat
hulle blink gehou mag word as
'n getuienis vir ons God op die
laaste dag, of op die dag dat ons
gebring sal word om voor Hom
te staan om geoordeel te word,
dat ons nie ons swaarde bevlek
het met die bloed van ons broers
vandat Hy sy woord aan ons mee-
gedeel het en ons gereinig het
daardeur nie.
16 En nou, my broers, alhoewel
ons broers soek om ons te vernie-
tig, kyk, ons sal ons swaarde weg-
steek, ja, naamlik sal ons hulle
begrawe diep in die aarde, sodat
hulle blink gehou mag word, as 'n
getuienis dat ons hulle nooit ge-
bruik het nie, op die laaste dag; en
as ons broers ons vernietig, kyk,
dan sal ons na ons God [a]gaan en
sal gered word.
17 En nou het dit gebeur dat
toe die koning 'n einde gemaak
het aan hierdie woorde, en al die
mense bymekaar gebring was, het
hulle hul swaarde geneem, en al
die wapens wat gebruik was om
'n mens se bloed te vergiet, en

10*b* GS Skuld.
11*a* Jes. 53:4–6.
13*a* Openb. 1:5.
14*a* GS Siel—Waarde van siele.
*b* GS Plan van Verlossing.
16*a* Alma 40:11–15.

hulle het hulle diep in die aarde [a]begrawe.

18 En dit het hulle gedoen, omdat dit volgens hulle siening ′n getuienis tot God was, en ook vir mense, dat hulle [a]nooit weer wapens sou gebruik om mense se bloed te vergiet nie; en dit het hulle gedoen, terwyl hulle bevestig en ′n [b]verbond gesluit het met God dat hulle, eerder as om die bloed van hulle broers te vergiet, hulle hul eie lewens sou [c]opgee; en eerder as om weg te neem van ′n broer, sou hulle aan hom gee; en eerder as om hulle dae in ledigheid deur te bring, sou hulle oorvloedig arbei met hulle hande.

19 En so sien ons dat, toe hierdie Lamaniete daartoe gebring is om te glo en die waarheid te ken, was hulle [a]standvastig, en sou ly tot die dood toe eerder as om sonde te pleeg; en dus sien ons dat hulle hul wapens van vrede begrawe het, of hulle het die wapens van oorlog begrawe vir vrede.

20 En dit het gebeur dat hulle broers, die Lamaniete, voorbereidsels getref het vir oorlog, en opgetrek het na die land Nefi met die doel om die koning te vernietig, en om ′n ander te plaas in sy plek, en ook om die mense van Anti-Nefi-Lehi te vernietig uit die land.

21 Nou toe die volk sien dat hulle teen hulle opkom, het hulle uitgegaan om hulle te ontmoet, en hulleself voor hulle op die aarde [a]neergebuig, en begin om die naam van die Here aan te roep; en aldus was hulle in hierdie houding toe die Lamaniete begin het om hulle aan te val, en begin het om hulle dood te maak met die swaard.

22 En so sonder om enige teenstand te ondervind, het hulle ′n duisend en vyf van hulle doodgemaak; en ons weet dat hulle geseënd is, want hulle het gegaan om by hulle God te woon.

23 Nou, toe die Lamaniete sien dat hulle broers nie wou wegvlug van die swaard nie, nóg wou hulle wegdraai na die regter- of die linkerkant, maar dat hulle sou neerlê en [a]vergaan, en God prys selfs terwyl hulle in die daadwerklike posisie was om onder die swaard te vergaan—

24 Nou toe die Lamaniete dit sien, het hulle [a]opgehou om hulle dood te maak; en daar was baie wie se harte in hulle [b]geswel het vir diegene van hulle broers wat geval het onder die swaard, want hulle het bekeer van die dinge wat hulle gedoen het.

25 En dit het gebeur dat hulle hul wapens van oorlog neergegooi het, en hulle wou hulle nie weer neem nie, want hulle het intense berou gehad oor die moorde wat hulle gepleeg het; en hulle het neergeval net soos hulle broers, en staatgemaak op

17*a* Hel. 15:9.
18*a* Alma 53:11.
*b* GS Verbond.
*c* GS Opoffer.
19*a* GS Geloof, Glo.
21*a* Alma 27:3.
23*a* Alma 26:32.
24*a* Alma 25:1.
*b* GS Medelye.

die barmhartighede van diegene wie se arms opgelig was om hulle dood te maak.

26 En dit het gebeur dat by die volk van God daardie dag meer gevoeg is as die aantal wat doodgemaak is; en diegene wat doodgemaak is, was regverdige mense, daarom het ons geen rede om te twyfel dat hulle [a]gered was nie.

27 En daar was nie 'n goddelose man gedood onder hulle nie; maar daar is meer as 'n duisend gebring tot die kennis van die waarheid; dus sien ons dat die Here op baie [a]maniere werk vir die heil van sy volk.

28 Nou, die grootste aantal van diegene van die Lamaniete wat so baie van hulle broers gedood het, was Amalekiete en Amuloniete, van wie die grootste aantal van die [a]orde van die [b]Nehors was.

29 Nou, onder diegene wat by die volk van die Here gevoeg is, was daar [a]niemand wat Amalekiete of Amuloniete was nie, of wat van die orde van Nehor was nie, maar hulle was werklike afstammelinge van Laman en Lemuel.

30 En dus kan ons duidelik onderskei, dat nadat 'n volk eenmaal [a]verlig is deur die Gees van God en groot [b]kennis gehad het van dinge betreffende regverdigheid, en dan [c]weggeval het in sonde en oortreding, hulle nog meer verhard word, en dus word hulle toestand [d]erger as wanneer hulle nooit van hierdie dinge geweet het nie.

## HOOFSTUK 25

*Lamanitiese aggressie brei uit—Die saad van die priesters van Noag kom om soos Abinadi geprofeteer het—Baie Lamaniete word bekeer en voeg hulle by die volk van Anti-Nefi-Lehi—Hulle glo in Christus en onderhou die wet van Moses. Ongeveer 90–77 v.C.*

En kyk, nou het dit gebeur dat daardie Lamaniete meer vertoornd was omdat hulle hul broers gedood het; daarom het hulle wraak gesweer teen die Nefiete; en hulle het nie meer probeer om die volk van [a]Anti-Nefi-Lehi in daardie tyd te dood nie.

2 Maar hulle het hulle leërs geneem en oorgegaan binne die grense van die land Zarahemla, en die mense aangeval wat in die land Ammoniha was en hulle [a]vernietig.

3 En na dit, het hulle baie veldslae gehad teen die Nefiete, waarin hulle verdryf en gedood is.

4 En onder die Lamaniete wat gedood is, was byna al die [a]saad van Amulon en sy broers, wat die

26*a* Openb. 14:13.
27*a* Jes. 55:8–9; Alma 37:6–7.
28*a* Alma 21:4.
*b* Alma 1:15; 2:1, 20.
29*a* Alma 23:14.
30*a* Matt. 12:45.
*b* Hebr. 10:26; Alma 47:36.
*c* 2 Ne. 31:14; Alma 9:19. GS Afval.
*d* 2 Petr. 2:20–21.
**25** 1*a* GS Anti-Nefi-Lehi's.
2*a* Alma 8:16; 16:9.
4*a* Mosia 23:35.

priesters van Noag was, en hulle is gedood deur die hande van die Nefiete;
5 En die oorblywendes, nadat hulle die oostelike wildernis ingevlug het, en nadat hulle die mag en gesag oor die Lamaniete oorgeneem het, het baie van die Lamaniete laat [a]omkom deur vuur vanweë hulle geloof—
6 Want baie van hulle, [a]nadat hulle veel verlies en so baie verdrukkinge gely het, het begin om opgewek te word tot ′n gedagtenis van die [b]woorde wat Aäron en sy broers tot hulle in hulle land gepreek het; daarom het hulle begin om die oorleweringe van hulle vaders te [c]betwyfel, en om te glo in die Here, en dat Hy groot krag gegee het aan die Nefiete; en dus was daar baie van hulle bekeer in die wildernis.
7 En dit het gebeur dat daardie heersers wat die oorblyfsel was van die kinders van [a]Amulon hulle laat [b]doodmaak het, ja, al diegene wat in hierdie dinge geglo het.
8 Nou, hierdie martelaarskap het veroorsaak dat baie van hulle broers tot toorn ontstoke was; en daar het twis begin in die wildernis; en die Lamaniete het begin om die saad van Amulon en sy broers te [a]jag en om hulle dood te maak; en hulle het gevlug in die oostelike wildernis in.
9 En kyk, hulle word op hierdie dag gejag deur die Lamaniete. So is die woorde van Abinadi bewaarheid wat hy gesê het aangaande die saad van die priesters wat hom die dood deur vuur laat sterf het.
10 Want hy het aan hulle gesê: Wat julle aan my sal [a]doen, sal ′n voorafskaduwing wees van dinge wat sal kom.
11 En nou, Abinadi was die eerste wat die [a]dood deur vuur gely het vanweë sy geloof in God; nou dit is wat hy bedoel het, dat baie die dood deur vuur sou ly soos wat hy gely het.
12 En hy het aan die priesters van Noag gesê dat hulle saad sou veroorsaak dat baie doodgemaak sou word, op dieselfde wyse as hy was, en dat hulle ver en wyd verstrooi en gedood sou word, net soos ′n skaap wat geen herder het nie verdryf en deur wilde diere gedood word; en nou kyk, hierdie woorde is bewaarheid, want hulle is verdryf deur die Lamaniete, en hulle is gejag, en hulle is geslaan.
13 En dit het gebeur dat toe die Lamaniete sien dat hulle nie die Nefiete kon oorweldig nie, het hulle weer teruggekeer na hulle eie land; en baie van hulle het oorgekom om in die land Ismael te woon en die land Nefi, en het hulle by die volk van God gevoeg, wat die volk van [a]Anti-Nefi-Lehi was.
14 En hulle het ook hulle wapens van oorlog [a]begrawe, soos

5*a* Mosia 17:15.
6*a* DI die Lamaniete.
*b* Alma 21:9.
*c* Alma 26:24.
7*a* Alma 21:3; 24:1, 28–30.
*b* GS Martelaar, Martelaarskap.
8*a* Mosia 17:18.
10*a* Mosia 13:10.
11*a* Mosia 17:13.
13*a* Alma 23:16–17.
14*a* Alma 24:15; 26:32.

hulle broers gedoen het, en hulle het begin om ′n regverdige volk te wees; en hulle het gewandel in die weë van die Here, en het gepoog om sy gebooie en sy insettinge te onderhou.

15 Ja, en hulle het die wet van Moses onderhou; want dit was noodsaaklik dat hulle die wet van Moses sou onderhou vir die huidige, want dit was nog nie alles vervul nie. Maar nieteenstaande die [a]wet van Moses, het hulle uitgesien na die koms van Christus, omdat hulle die wet van Moses beskou het as ′n [b]voorafskaduwing van sy koms, omdat hulle geglo het dat hulle daardie [c]uiterlike handelinge moes onderhou tot die tyd dat Hy aan hulle geopenbaar sou word.

16 Nou het hulle nie veronderstel dat [a]heil deur die [b]wet van Moses kom nie; maar die wet van Moses het gedien om hulle geloof in Christus te versterk; en dus het hulle ′n [c]hoop behou deur geloof, tot ewige heil, en staatgemaak op die gees van profesie, wat gespreek het van die dinge wat moes kom.

17 En nou, kyk, Ammon, en Aäron, en Omner en Himni, en hulle broers, het hulle uitermate verheug oor die welslae wat hulle gehad het onder die Lamaniete, aangesien die Here dit aan hulle gegun het volgens hulle [a]gebede, en dat Hy ook sy woord aan hulle bewaarheid het in elke besonderheid.

## HOOFSTUK 26

*Ammon roem in die Here—Die gelowiges word versterk deur die Here en word kennis gegee—Deur geloof mag mense duisende siele tot bekering bring—God het alle mag en begryp alle dinge. Ongeveer 90–77 v.C.*

En nou, hierdie is die woorde van Ammon aan sy broers, wat die volgende sê: My broers en my broeders, kyk, ek sê vir julle, watter groot rede het ons om ons te verheug; want kon ons veronderstel het, toe ons uit die land Zarahemla [a]vertrek het, dat God aan ons sulke groot seëninge sou gegun het?

2 En nou, ek vra, watter groot seëninge het Hy aan ons geskenk? Kan julle sê?

3 Kyk, ek antwoord vir julle; want ons broers, die Lamaniete, was in die duisternis, ja, en wel in die donkerste afgrond, maar kyk, hoe [a]baie van hulle is gebring om die wonderlike lig van God te aanskou! En dit is die seëning wat aan ons geskenk is, dat ons [b]werktuie gemaak is in die hande van God om hierdie groot werk teweeg te bring.

4 Kyk, [a]duisende van hulle ver-

15*a* Jakob 4:5; Jarom 1:11. GS Wet van Moses.
*b* Mosia 3:14–15; 16:14.
*c* Mosia 13:29–32.
16*a* Mosia 12:31–37; 13:27–33.
*b* 2 Ne. 11:4.
*c* 1 Thes. 5:8–9.
17*a* Alma 17:9.
**26** 1*a* Mosia 28:9; Alma 17:6–11.
3*a* Alma 23:8–13.
*b* 2 Kor. 4:5; Mosia 23:10.
4*a* Alma 23:5.

heug hulle, en is ingebring in die
kudde van God.
5 Kyk, die [a]veld was ryp, en ge-
seënd is julle, want julle het die
[b]sekel ingesteek, en het geoes met
julle mag, ja, die hele dag lank het
julle gearbei; en sien die aantal
van julle [c]gerwe! En hulle sal in-
gebring word in die skure, sodat
hulle nie vermors word nie.
6 Ja, hulle sal nie platgeslaan
word deur die storm op die laaste
dag nie, ja, nóg sal hulle deur die
warrelwinde verstrooi word;
maar wanneer die [a]storm kom,
sal hulle bymekaar gemaak word
in hulle plek, sodat die storm nie
kan deurdring tot hulle nie, ja,
nóg sal hulle deur hewige winde
gedryf word waarheen die vyand
ook al begeer om hulle te dra.
7 Maar kyk, hulle is in die hande
van die Here van die [a]oes, en hulle
is syne; en Hy sal hulle [b]opwek op
die laaste dag.
8 Prys die Naam van ons God;
laat ons [a]sing tot sy lof, ja, laat ons
[b]dank gee aan sy heilige Naam,
want Hy werk regverdigheid vir
ewig.
9 Want as ons nie opgekom het
uit die land Zarahemla nie, sou
hierdie, ons innig geliefde broers,
wat ons so innig liefgehad het,
nog steeds ontstig gewees het
met [a]haat teenoor ons, ja, en hulle
sou ook vreemdelinge gewees het
voor God.
10 En dit het gebeur dat toe Am-
mon hierdie woorde gesê het, het
sy broer Aäron hom bestraf, en
gesê: Ammon, ek vrees dat jou
vreugde jou weglei tot roem.
11 Maar Ammon het aan hom
gesê: Ek [a]roem nie in my eie krag
of in my eie wysheid nie; maar
kyk, my [b]vreugde is vol, ja, my
hart loop oor van vreugde; en ek
sal my verbly in my God.
12 Ja, ek weet dat ek niks is nie,
wat my krag betref, is ek swak;
daarom sal ek nie [a]roem in myself
nie, maar ek sal roem in my God,
want in sy [b]krag kan ek alle dinge
doen; ja, kyk, baie magtige won-
derwerke het ons verrig in hier-
die land, waarvoor ons sy Naam
vir ewig sal loof.
13 Kyk, hoeveel duisende van
ons broers het Hy losgemaak van
die pyne van die [a]hel; en hulle
word gebring om verlossende
liefde te [b]sing, en dit vanweë die
krag van sy woord wat in ons is;
daarom, het ons nie groot rede om
ons te verheug nie?
14 Ja, ons het rede om Hom te
loof vir ewig, want Hy is die Al-
lerhoogste God, en Hy het ons
broers losgemaak van die [a]ket-
tings van die hel.
15 Ja, hulle was omring deur

5 *a* Joh. 4:35–37; L&V 4:4.
*b* Joël 3:13.
*c* L&V 33:7–11; 75:2, 5.
6 *a* Hel. 5:12; 3 Ne. 14:24–27.
7 *a* GS Oes.
*b* Mosia 23:22; Alma 36:28.
8 *a* L&V 25:12.
*b* GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
9 *a* Mosia 28:1–2.
11 *a* 2 Kor. 7:14.
*b* L&V 18:14–16. GS Vreugde.
12 *a* Jer. 9:24; Alma 29:9.
*b* Ps. 18:33–41; Filip. 4:13; 1 Ne. 17:3.
13 *a* GS Hel.
*b* Alma 5:26.
14 *a* Alma 12:11.

ewigdurende duisternis en vernietiging; maar kyk, Hy het hulle ingebring in sy ewigdurende [a]lig, ja, tot ewigdurende heil; en hulle word omring deur die ongeëwenaarde volheid van sy liefde; ja, en ons was werktuie in sy hande om hierdie groot en wonderbaarlike werk te doen.

16 Daarom, laat ons [a]roem, ja, ons sal [b]roem in die Here; ja, ons sal ons verheug, want ons vreugde is vol; ja, ons sal ons God prys vir ewig. Kyk, wie kan te veel roem in die Here? Ja, wie kan te veel sê van sy groot krag, en van sy [c]barmhartigheid, en van sy lankmoedigheid teenoor die kinders van mense? Kyk, ek sê vir julle, ek kan nie die kleinste deel beskryf van wat ek voel nie.

17 Wie kon veronderstel dat ons God so barmhartig kon gewees het om ons weg te ruk uit ons aaklige, sondige en besoedelde toestand?

18 Kyk, ons het in toorn uitgegaan, met magtige dreigemente om sy kerk te [a]vernietig.

19 O dan, hoekom het Hy ons nie oorgelewer tot ’n vreeslike vernietiging nie, ja, hoekom het Hy nie die swaard van sy geregtigheid op ons laat val, en ons verdoem tot ewige wanhoop nie?

20 O, my siel, vlug as’t ware by die gedagte. Kyk, Hy het nie sy geregtigheid uitgeoefen op ons nie, maar in sy groot barmhartigheid het Hy ons oor daardie ewigdurende [a]kloof van dood en ellende gebring, en wel tot die heil van ons siele.

21 En nou, kyk, my broers, watter [a]natuurlike mens is daar wat hierdie dinge weet? Ek sê vir julle, daar is niemand wat hierdie dinge [b]weet nie, behalwe die bekeerdes.

22 Ja, hy wat [a]bekeer en [b]geloof beoefen, en goeie werke voortbring, en aanhoudend bid sonder ophou—aan sulkes is dit gegee om die [c]verborgenhede van God te ken; ja aan sulkes sal dit gegee word om dinge te openbaar wat nog nooit geopenbaar is nie; ja, en dit sal gegee word aan sulkes om duisende siele tot bekering te bring, net soos dit aan ons gegee is om hierdie, ons broers, tot bekering te bring.

23 Nou onthou julle, my broers, dat ons aan ons broers in die land Zarahemla gesê het, ons gaan op na die land Nefi, om te preek vir ons broers, die Lamaniete, en hulle het spottend vir ons gelag?

24 Want hulle het aan ons gesê: Veronderstel julle dat julle die Lamaniete kan bring tot die kennis van die waarheid? Veronderstel julle dat julle die Lamaniete kan oortuig van die onjuistheid van

15*a* GS Lig, Lig van Christus.
16*a* Rom. 15:17; 1 Kor. 1:31.
*b* 2 Kor. 10:15–18; L&V 76:61.
*c* Ps. 36:6–8.
18*a* Mosia 27:8–10.
20*a* 2 Ne. 1:13; Hel. 3:29–30.
21*a* GS Natuurlike Mens.
*b* 1 Kor. 2:9–16; Jakob 4:8.
22*a* Alma 36:4–5. GS Bekeer, Bekering.
*b* GS Geloof, Glo.
*c* GS Verborgenhede van God.

die [a]oorleweringe van hulle vaders, aangesien hulle so ′n [b]hardnekkige volk is; wie se harte behae geskep het in bloedvergieting; wie se dae deurgebring is in die ergste ongeregtigheid; wie se weë die weë was van ′n oortreder van die begin af? Nou my broers, julle onthou dat dit hulle woorde was.

25 En bowendien het hulle gesê: Laat ons wapens opneem teen hulle, sodat ons hulle en hulle ongeregtigheid vernietig uit die land, voordat hulle ons oorweldig en ons vernietig.

26 Maar kyk, my geliefde broers, ons het die wildernis binnegekom, nie met die voorneme om ons broers te vernietig nie, maar met die voorneme dat ons miskien ′n paar van hulle siele mag red.

27 Nou toe ons harte bedruk was, en ons wou terugkeer, kyk, die Here het ons [a]vertroos, en gesê: Gaan onder julle broers, die Lamaniete, en verduur met [b]geduld julle [c]verdrukkinge, en Ek sal aan julle welslae gee.

28 En nou, kyk, ons het gekom, en was onder hulle gewees; en ons was geduldig in ons lyding, en ons het elke ontbering gely; ja, ons het gereis van huis tot huis, en staatgemaak op die barmhartigheid van die wêreld—nie alleen op die barmhartigheid van die wêreld nie, maar op die barmhartigheid van God.

29 En ons het hulle huise binnegegaan en hulle geleer, en ons het hulle geleer op hulle strate; ja, en ons het hulle geleer op hulle heuwels; en ons het ook hulle tempels binnegegaan en hulle sinagoges en hulle geleer; en ons is uitgewerp, en bespot, en bespoeg, en geslaan op ons wange; en ons is gestenig, en gevang en vasgebind met sterk toue, en in die gevangenis gewerp; en deur die krag en die wysheid van God is ons weer bevry.

30 En ons het allerlei verdrukkinge gely, en dit alles, sodat ons miskien die middel mag wees om die een of ander siel te red; en ons het veronderstel dat ons [a]vreugde vol sou wees as ons miskien die middel kon wees om sommiges te red.

31 Nou kyk, ons kan kyk en die vrugte sien van ons arbeid; en is hulle min? Ek sê vir julle, Nee, hulle is [a]baie; ja, en ons kan getuig van hulle opregtheid, vanweë hulle liefde teenoor hulle broers en ook teenoor ons.

32 Want kyk, hulle sou eerder hulle lewens [a]opoffer as om selfs die lewe van hulle vyand te neem; en hulle het hulle wapens van oorlog diep [b]begrawe in die aarde, vanweë hulle liefde teenoor hulle broers.

33 En nou kyk, ek sê vir julle, was daar ooit so ′n groot liefde in die hele land? Kyk, ek sê vir julle,

24*a* Mosia 10:11–17.
*b* Mosia 13:29.
27*a* Alma 17:9–11.
*b* GS Geduld.
*c* Alma 20:29–30.
GS Teenstand.
30*a* L&V 18:15–16.
31*a* Alma 23:8–13.
32*a* Alma 24:20–24.
*b* Alma 24:15.

Nee, daar was nie, selfs nie onder
die Nefiete nie.
34 Want kyk, hulle sou nie wa-
pens opneem teen hulle broers;
hulle sou nie toelaat dat hulle
self gedood word nie. Maar kyk
hoe baie van hulle het hul lewens
neergelê; en ons weet dat hulle
na hul God gegaan het, vanweë
hulle liefde en vanweë hulle haat
vir sonde.
35 Nou het ons nie rede om ons
te verbly nie? Ja, ek sê vir julle,
daar was nooit mense wat so ʼn
groot rede gehad het om hulle te
verbly as ons nie, sedert die wê-
reld begin het; ja, en my vreugde
lei my weg en wel tot roem in my
God; want Hy het alle [a]krag, alle
wysheid, en alle begrip; Hy [b]be-
gryp alle dinge, en Hy is ʼn [c]barm-
hartige Wese, en wel tot heil, tot
diegene wat sal bekeer en glo in
sy Naam.
36 Nou as dit roem is, net so sal
ek roem; want dit is my lewe en
my lig, my vreugde en my heil,
en my verlossing van ewigdu-
rende wee. Ja, prys die Naam van
my God, wat gedagtig was aan
hierdie volk, wat ʼn [a]tak is van
die boom van Israel, en verlore
was van sy stam in ʼn vreemde
land; ja, sê ek, prys die Naam
van my God, wat gedagtig was
aan ons, [b]swerwers in ʼn vreemde
land.
37 Nou, my broers, ons sien dat
God gedagtig is aan elke [a]volk,
in watter land hulle ook al mag
wees; ja, Hy tel sy volk, en sy in-
nerlike ontferming is oor die hele
aarde. Nou dit is my vreugde,
en my groot danksegging; ja, en
ek sal dank gee aan my God vir
ewig. Amen.

## HOOFSTUK 27

*Die Here beveel Ammon om die volk van Anti-Nefi-Lehi na veiligheid te lei—Toe hy Alma ontmoet, put Ammon se vreugde sy krag uit—Die Nefiete gee aan die Anti-Nefi-Lehi's die land Jerson—Hulle word die mense van Ammon genoem. Ongeveer 90–77 v.C.*

NOU het dit gebeur dat toe daar-
die Lamaniete wat in die stryd op-
getrek het teen die Nefiete gevind
het, na hulle baie getwis het om
hulle te vernietig, dat dit tever-
geefs was om hulle vernietiging
te soek, het hulle weer terugge-
keer na die land Nefi.
2 En dit het gebeur dat die Ama-
lekiete, vanweë hulle verliese, ui-
termate vertoornd was. En toe
hulle sien dat hulle hul nie kon
wreek op die Nefiete nie, het hulle
begin om die volk in toorn op te
stook teen hulle [a]broers, die volk
van [b]Anti-Nefi-Lehi; daarom het
hulle weer begin om hulle te ver-
nietig.
3 Nou het hierdie volk [a]weer

35*a* GS Krag.
*b* L&V 88:41.
*c* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
36*a* Gén. 49:22–26; Jakob 2:25; 5:25.
*b* Jakob 7:26.
37*a* Hand. 10:34–35; 2 Ne. 26:33.
**27** 2*a* Alma 43:11.
*b* Alma 25:1. GS Anti-Nefi-Lehi's.
3*a* Alma 24:21–26.

geweier om hulle wapens op te
neem, en hulle het hulself toe-
gelaat om doodgemaak te word
volgens die begeertes van hulle
vyande.
4 Nou toe Ammon en sy broers
hierdie werk van vernietiging
sien onder diegene wat hulle
so innig liefgehad het, en onder
diegene wat vir hulle so innig
lief was—want hulle is behandel
asof hulle engele was wat deur
God gestuur is om hulle te red
van ewigdurende vernietiging—
daarom, toe Ammon en sy broers
hierdie groot werk van vernieti-
ging sien, het hulle innig jammer
vir hulle gevoel, en hulle het aan
die koning [a]gesê:
5 Laat ons hierdie volk van die
Here bymekaarmaak, en laat ons
afgaan na die land Zarahemla na
ons broers, die Nefiete, en vlug
uit die hande van ons vyande, so-
dat ons nie vernietig word nie.
6 Maar die koning het aan hulle
gesê: Kyk, die Nefiete sal ons ver-
nietig, vanweë die baie moorde
en sondes wat ons teen hulle ge-
pleeg het.
7 En Ammon het gesê: Ek sal
gaan en vir die Here vra, en as Hy
aan ons sê, gaan af na ons broers,
sal julle gaan?
8 En die koning het aan hom
gesê: Ja, as die Here aan ons sê
gaan, sal ons afgaan na ons broers,
en ons sal hulle slawe wees totdat
ons aan hulle vergoed het vir die
baie moorde en sondes wat ons
teen hulle gepleeg het.
9 Maar Ammon het aan hom
gesê: Dit is teen die wet van ons
broers, wat daargestel is deur my
vader, dat daar enige [a]slawe on-
der hulle sal wees; daarom laat
ons afgaan en staatmaak op die
barmhartighede van ons broers.
10 Maar die koning het aan hom
gesê: Vra vir die Here, en as Hy
aan ons sê, gaan, sal ons gaan; an-
ders sal ons omkom in die land.
11 En dit het gebeur dat Ammon
gegaan en vir die Here gevra het,
en die Here het aan hom gesê:
12 Neem hierdie volk uit die
land uit, sodat hulle nie omkom
nie; want Satan het ʼn groot hou-
vas op die harte van die Amale-
kiete, wat die Lamaniete opstook
tot toorn teen hulle broers om
hulle te dood; daarom, gaan uit
hierdie land uit; en geseënd is
hierdie volk in hierdie geslag,
want Ek sal hulle bewaar.
13 En nou het dit gebeur dat
Ammon gegaan het en die koning
al die woorde vertel het wat die
Here aan hom gesê het.
14 En hulle het al hulle mense
bymekaargemaak, ja, die hele
volk van die Here, en het al hulle
kleinvee en grootvee bymekaar-
gemaak, en vertrek uit die land,
en gekom in die wildernis wat die
land Nefi geskei het van die land
Zarahemla, en oorgekom naby
die grense van die land.
15 En dit het gebeur dat Am-
mon aan hulle gesê het: Kyk, ek
en my broers sal uitgaan in die
land Zarahemla, en julle sal hier

4*a* Alma 24:5.

9*a* Mosia 2:13; 29:32, 38, 40.

bly totdat ons terugkeer; en ons sal die harte van ons broers ondersoek, of hulle wil hê dat julle in hulle land moet inkom.

16 En dit het gebeur dat terwyl Ammon uitgaan in die land in, dat hy en sy broers vir Alma ontmoet het, oorkant in die [a]plek waarvan gespreek is; en kyk, dit was ′n vreugdevolle ontmoeting.

17 Nou was die [a]vreugde van Ammon so groot en wel dat hy vervul was; ja, hy was oorstelp deur vreugde in sy God, en wel tot die [b]uitputting van sy krag; en hy het [c]weer op die aarde neergeval.

18 Nou was dit nie uitnemende vreugde nie? Kyk, dit is vreugde wat geeneen ontvang behalwe die ware bekeerde en nederige soeker van geluk nie.

19 Nou, was die vreugde van Alma by die ontmoeting van sy broers waarlik groot, en ook die vreugde van Aäron, van Omner, en Himni; maar kyk, hulle vreugde was nie sodanig dat dit hulle krag oorskry het nie.

20 En nou het dit gebeur dat Alma sy broers teruggelei het na die land Zarahemla; naamlik na sy eie huis. En hulle het gegaan en die [a]hoofregter al die dinge vertel wat met hulle gebeur het in die land Nefi, onder hulle broers, die Lamaniete.

21 En dit het gebeur dat die hoofregter ′n aankondiging uitgestuur het dwarsdeur die land, en verlang het om die stem van die volk te verneem aangaande die toelating van hulle broers, wat die mense van Anti-Nefi-Lehi was.

22 En dit het gebeur dat die stem van die volk gekom, en gesê het: Kyk, ons sal die land Jerson opgee, wat aan die oostekant is by die see, wat aan die land Oorvloed grens, wat aan die suide is van die land Oorvloed; en hierdie land Jerson is die land wat ons aan ons broers vir ′n erfenis sal gee.

23 En kyk, ons sal ons leërs opstel tussen die land Jerson en die land Nefi, sodat ons ons broers in die land Jerson mag beskerm; en dit doen ons vir ons broers, vanweë hulle vrees om wapens op te neem teen hulle broers uit vrees dat hulle sonde sou pleeg; en hierdie, hulle groot vrees, het gekom vanweë hulle ernstige bekering wat hulle gehad het, vanweë hulle baie moorde en hulle vreeslike boosheid.

24 En nou, kyk, dit sal ons doen vir ons broers, sodat hulle die land Jerson mag beërwe; en ons sal hulle bewaak teen hulle vyande met ons leërs, op voorwaarde dat hulle ons ′n deel van hulle besittings sal gee om ons by te staan, sodat ons ons leërs in stand kan hou.

25 Nou, dit het gebeur dat toe Ammon dit gehoor het, het hy teruggekeer na die volk van Anti-Nefi-Lehi, en ook Alma saam met hom, die wildernis in, waar hulle

16*a* Alma 17:1–4.
17*a* GS Vreugde.
*b* 1 Ne. 1:7.
*c* Alma 19:14.
20*a* Alma 4:16–18.

hul tente opgeslaan het, en aan hulle al hierdie dinge bekend gemaak het. En Alma het ook aan hulle sy [a]bekering vertel, saam met Ammon en Aäron, en sy broers.

26 En dit het gebeur dat dit groot vreugde onder hulle veroorsaak het. En hulle het afgegaan in die land Jerson, en het besit geneem van die land Jerson; en hulle is deur die Nefiete die volk van Ammon genoem; daarom is hulle onderskei met daardie naam vir altyd daarna.

27 En hulle was onder die volk van Nefi en is ook gereken onder die volk wat aan die kerk van God behoort het. En hulle is ook onderskei deur hulle ywer teenoor God, en ook teenoor mense; want hulle was volkome [a]eerlik en opreg in alle dinge; en hulle was [b]standvastig in die geloof in Christus, en wel tot die einde toe.

28 En hulle het die verspilling van die bloed van hulle broers met die grootste afkeer bejeën; en hulle kon nooit oorreed word om wapens op te neem teen hulle broers nie; en hulle het nooit die dood bejeën met enige mate van vrees nie, vanweë hulle hoop en begrip van Christus en die opstanding; daarom, die dood is vir hulle opgeneem deur die oorwinning van Christus daaroor.

29 Daarom, hulle sou die [a]dood ly in die pynlikste en smartlikste wyse, wat deur hulle broers toegepas kon word, voordat hulle die swaard of die sabel sou opneem om hulle te dood.

30 En so was hulle ŉ ywerige en geliefde volk, ŉ hoogbegunstigde volk van die Here.

## HOOFSTUK 28

*Die Lamaniete word verslaan in ŉ geweldige stryd—Tienduisende word gedood—Die bose word toegewys tot ŉ toestand van eindelose wee; die regverdiges verwerf ŉ nimmereindigende geluk. Ongeveer 77–76 v.C.*

En nou het dit gebeur dat nadat die volk van Ammon gevestig is in die land [a]Jerson, en ŉ kerk ook gevestig is in die land Jerson, en die leërs van die Nefiete opgestel is rondom die land Jerson, ja, op al die grense rondom die land Zarahemla; kyk, die leërs van die Lamaniete het hulle broers die wildernis in gevolg.

2 En dus was daar ŉ geweldige stryd; ja, en wel so een soos nooit tevore bekend was onder al die mense in die land vanaf die tyd toe Lehi Jerusalem verlaat het nie; ja, en tienduisende van die Lamaniete is gedood en ver en wyd verstrooi.

3 Ja, en daar was ook ŉ geweldige slagting onder die volk van Nefi; nogtans, die Lamaniete is [a]verdryf en verstrooi, en die volk van Nefi het weer teruggekeer na hulle land.

25*a* Mosia 27:10–24.
27*a* GS Eerlik, Eerlikheid.
*b* Alma 23:6.
29*a* Alma 24:20–23.
**28** 1*a* Alma 27:22; 30:1, 19.
3*a* Alma 30:1.

4 En nou, dit was ′n tyd dat daar groot rouklag en geween gehoor is dwarsdeur die hele land, onder al die volk van Nefi:
5 Ja, die geween van die weduwees wat rou oor hulle mans, en ook van vaders wat rou oor hulle seuns, en die dogter oor die broer, ja, die broer oor die vader; en dus is die rouklag gehoor onder hulle almal, vir hulle verwante wat gedood is.
6 En nou waarlik, dit was ′n droewige dag; ja, ′n tyd van erns, en ′n tyd van veel [a]vas en bid.
7 En so eindig die vyftiende jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi.
8 En dit is die kroniek van Ammon en sy broers, hulle reise in die land Nefi, hulle lydings in die land, hulle smarte, en hulle verdrukkinge, en hulle [a]onbegryplike vreugde, en die ontvangs en veiligheid van die broers in die land Jerson. En nou mag die Here, die Verlosser van alle mense, hulle siele seën vir ewig.
9 En dit is die kroniek van die oorloë en twiste onder die Nefiete, en ook die oorloë tussen die Nefiete en die Lamaniete; en die vyftiende jaar van die heerskappy van die regters is beëindig.
10 En vanaf die eerste jaar tot die vyftiende het die vernietiging teweeggebring van baie duisende lewens; ja, dit het ′n verskriklike toneel van bloedvergieting teweeggebring.
11 En die liggame van baie duisende is weggelê in die aarde, terwyl die liggame van baie duisende [a]ontbind in hope op die aangesig van die aarde; ja, en baie duisende [b]rou oor die verlies van hulle verwante, want hulle het rede om te vrees, volgens die beloftes van die Here, dat hulle toegewys is tot ′n toestand van eindelose wee.
12 Terwyl baie duisende ander waarlik rouklaag oor die verlies van hulle verwante, tog verheug hulle hul, en juig in die hoop, en weet wel, volgens die [a]beloftes van die Here, dat hulle opgewek word om aan die regterhand van God te woon, in ′n toestand van nimmereindigende geluk.
13 En so sien ons hoe groot die [a]ongelykheid van die mens is vanweë sonde en oortreding, en die mag van die duiwel, wat kom deur die sluwe [b]planne wat hy bedink het om die harte van mense te verstrik.
14 En so sien ons die groot oproep om ywer by mense om te arbei in die [a]wingerde van die Here; en so sien ons die groot rede van droefheid, en ook van vreugde—droefheid vanweë dood en verwoesting onder mense, en vreugde vanweë die [b]lig van Christus tot die lewe.

6 *a* Alma 30:2.
8 *a* Alma 27:16–19.
11 *a* Alma 16:11.
*b* Alma 48:23; L&V 42:45–46.
12 *a* Alma 11:41.
13 *a* 1 Ne. 17:35.
*b* 2 Ne. 9:28.
14 *a* GS Wingerd van die Here.
*b* GS Lig, Lig van Christus.

## HOOFSTUK 29

*Alma begeer om bekering uit te roep met die geesdrif van 'n engel—Die Here gee leraars aan alle nasies—Alma roem in die Here se werk en in die sukses van Ammon en sy broers. Ongeveer 76 v.C.*

O, DAT ek 'n engel was, en die wens van my hart kon hê, dat ek mag uitgaan en spreek met die trompet van God, met 'n stem om die aarde te skud, en bekering te roep tot elke volk!

2 Ja, ek sou aan elke siel verkondig, soos met die stem van die donder, bekering en die plan van verlossing, dat hulle moet bekeer en na ons God [a]kom, sodat daar nie meer droefheid op die hele aangesig van die aarde mag wees nie.

3 Maar kyk, ek is 'n mens, en sondig in my wens; want ek behoort tevrede te wees met die dinge wat die Here aan my toegeken het.

4 Ek behoort nie in my begeertes die onwrikbare bevel van 'n regverdige God te verander nie, want ek weet dat Hy aan die mense volgens hulle [a]begeerte gun, of dit tot die dood of tot die lewe is; ja, ek weet dat Hy aan die mense toeken, ja, aan hulle bevele beveel wat onveranderlik is, volgens hul [b]wil of hulle tot heil of tot vernietiging is.

5 Ja, en ek weet dat goed en kwaad voor alle mense gekom het; hy wat die goeie nie van die kwaad ken nie, is sonder skuld; maar hy wat goed en kwaad [a]ken, aan hom word dit gegee volgens sy begeertes, of hy goed of kwaad begeer, lewe of dood, vreugde of berou van die [b]gewete.

6 Nou, siende dat ek hierdie dinge weet, waarom sou ek meer begeer as om die werk uit te voer waartoe ek geroep is?

7 Waarom sou ek begeer dat ek 'n engel is, dat ek kon spreek met al die eindes van die aarde?

8 Want kyk, die Here gun aan [a]alle nasies, van hulle eie nasie en [b]tong, om sy woord te onderrig, ja, in wysheid, alles wat Hy [c]goeddink dat hulle moet hê; daarom sien ons dat die Here raad gee in wysheid, volgens dit wat regverdig en waar is.

9 Ek ken dit wat die Here my gebied het, en ek roem daarin. Ek [a]roem nie in myself nie, maar ek roem in dit wat die Here my gebied het; ja, en dit is my roem, dat ek miskien 'n werktuig mag wees in die hande van God om een of ander siel tot bekering te bring; en dit is my vreugde.

10 En kyk, wanneer ek baie van my broers waarlik berouvol sien, en dat hulle na die Here hulle God kom, dan word my siel vervul met vreugde; dan onthou ek [a]wat die Here vir my gedoen het,

**29** 2*a* Omni 1:26; 3 Ne. 21:20.
4*a* Ps. 37:4.
*b* GS Handelingsmag.
5*a* 2 Ne. 2:18, 26; Moro. 7:15–19. GS Onderskeiding, Gawe van.
*b* GS Gewete.
8*a* 2 Ne. 29:12.
*b* L&V 90:11.
*c* Alma 12:9–11.
9*a* Alma 26:12.
10*a* Mosia 27:11–31.

ja, en wel dat Hy my gebed verhoor het; ja, dan onthou ek sy barmhartige arm wat Hy na my uitgestrek het.
11 Ja, en ek onthou ook die slawerny van my vaders; want ek weet vir seker dat die [a]Here hulle verlos het uit slawerny, en hierdeur sy kerk gestig het; ja, die Here God, die God van Abraham, die God van Isak, en die God van Jakob, het hulle verlos uit slawerny.
12 Ja, ek het altyd die slawerny van my vaders onthou; en daardie selfde God wat hulle [a]verlos het uit die hande van die Egiptenare, het hulle verlos uit slawerny.
13 Ja, en daardie selfde God het sy kerk onder hulle gestig; ja, en daardie selfde God het my geroep met ′n heilige roeping, om die woord aan hierdie volk te preek, en het my veel welslae gegee, waardeur my [a]vreugde vol is.
14 Maar ek verheug my nie net in my eie [a]welslae nie, maar my vreugde is meer vol vanweë die welslae van my broers, wat na die land Nefi opgegaan het.
15 Kyk, hulle het uitermate gearbei, en het baie vrug voortgebring; en hoe groot sal hulle beloning nie wees nie!
16 Nou, as ek dink aan die welslae van hierdie broers van my, word my siel weggevoer, en wel tot die skeiding daarvan van die liggaam, as′t ware, so groot is my vreugde.
17 En nou, mag God aan hierdie, my broers, gun dat hulle mag sit in die koninkryk van God; ja, en ook al diegene wat die vrugte is van hulle arbeid dat hulle nie meer mag uitgaan nie, maar dat hulle Hom mag loof vir ewig. En mag God gun dat dit gedoen mag word volgens my woorde, net soos ek gespreek het. Amen.

## HOOFSTUK 30

*Korihor, die Antichris, bespot Christus, die Versoening, en die gees van profesie—Hy leer dat daar geen God is nie, geen val van die mens, geen straf vir sonde nie, en geen Christus nie—Alma getuig dat Christus sal kom en dat alle dinge daarop dui dat daar ′n God is—Korihor eis ′n teken en word stomgeslaan—Die duiwel het aan Korihor verskyn as ′n engel en hom geleer wat om te sê—Korihor word vertrap en sterf. Ongeveer 76–74 v.C.*

Kyk, nou het dit gebeur dat nadat die [a]volk van Ammon gevestig was in die land Jerson, ja, en ook nadat die Lamaniete [b]verdryf is uit die land, en hulle dooies begrawe is deur die volk van die land—
2 Nou, hulle dooies is nie getel nie vanweë die grootheid van

11 *a* Mosia 24:16–21; Alma 5:3–5.
12 *a* Ex. 14:30–31.
13 *a* L&V 18:14–16.
14 *a* Alma 17:1–4.
**30** 1 *a* Alma 27:25–26. GS Anti-Nefi-Lehi′s.
*b* Alma 28:1–3.

hulle getalle; nóg is die dooies
van die Nefiete getel—maar dit
het gebeur nadat hulle hul dooies
begrawe het, en ook na die dae
van vas, en rouklag, en gebed, (en
dit was in die sestiende jaar van
die heerskappy van die regters
oor die volk van Nefi) het daar
voortdurende vrede begin heers
dwarsdeur die hele land.
3 Ja, en die volk het gepoog om
die gebooie van die Here te on-
derhou; en hulle was noulettend
in die nakoming van die [a]ordi-
nansies van God, volgens die wet
van Moses; want hulle is geleer
om die wet van Moses te [b]onder-
hou totdat dit vervul sou word.
4 En dus het die volk geen steur-
nis gehad in die hele sestiende
jaar van die heerskappy van die
regters oor die volk van Nefi nie.
5 En dit het gebeur dat met die
aanvang van die sewentiende
jaar van die heerskappy van die
regters, was daar voortdurende
vrede.
6 Maar dit het gebeur teen die
einde van die sewentiende jaar,
het daar ′n man in die land Zara-
hemla gekom, en hy was ′n [a]An-
tichris, want hy het begin om te
preek vir die volk teen die pro-
fesieë wat gespreek is deur die
profete, aangaande die koms van
Christus.
7 Nou was daar geen wet teen
′n mens se [a]geloof nie, want dit
was streng teen die gebooie van
God dat daar ′n wet sou wees
wat mense op ongelyke grond
sou bring.
8 Want so sê die skrif: [a]Kies julle
vandag, wie julle sal dien.
9 Nou as ′n man begeer het om
God te dien, was dit sy voorreg;
of eerder, as hy geglo het in God,
was dit sy voorreg om Hom te
dien; maar as hy nie in Hom ge-
glo het nie, was daar geen wet om
hom te straf nie.
10 Maar as hy moord gepleeg
het, is hy met die [a]dood gestraf;
en as hy geroof het, is hy ook ge-
straf; en as hy gesteel het, is hy
ook gestraf; en as hy egbreuk ge-
pleeg het, is hy ook gestraf; Ja,
vir al hierdie boosheid is hulle
gestraf.
11 Want daar was ′n wet dat
mense geoordeel moes word
volgens hulle misdade. Nogtans,
daar was geen wet teen ′n man
se geloof nie; daarom, ′n man is
gestraf slegs vir die misdade wat
hy gepleeg het; daarom was alle
mense op [a]gelyke grond.
12 En hierdie Antichris, wie se
naam Korihor was, (en die wet
kon geen houvas op hom hê nie)
het vir die mense begin preek dat
daar geen Christus sou wees nie.
En op hierdie wyse het hy ge-
preek, en gesê:
13 O julle wat gebonde is deur ′n
dwase en ′n ydele hoop, waarom
lê julle jul ′n juk op met sulke
dwase dinge? Hoekom soek julle

3*a* GS Wet van Moses.
*b* 2 Ne. 25:24–27;
Alma 25:15.
6*a* GS Antichris.
7*a* Alma 1:17.
8*a* Jos. 24:15.
GS Handelingsmag.
10*a* GS Doodstraf.
11*a* Mosia 29:32.

na ′n Christus? Want geen mens kan van enigiets weet wat moet kom nie.

14 Kyk, hierdie dinge wat julle profesieë noem, wat julle sê oorgedra is deur heilige profete, kyk, hulle is dwase oorleweringe van julle vaders.

15 Hoe weet julle van hulle sekerheid? Kyk, julle kan nie weet van dinge wat julle nie [a]sien nie; daarom, julle kan nie weet dat daar ′n Christus sal wees nie.

16 Julle kyk vooruit en sê dat julle vergifnis van julle sondes sien. Maar kyk, dit is die uitwerking van ′n verdwaasde gemoed; en hierdie waansin van julle gemoed kom vanweë die oorleweringe van julle vaders, wat julle weglei na ′n geloof in dinge wat nie so is nie.

17 En baie meer dinge het hy aan hulle gesê, en hy het hulle vertel dat daar geen versoening gemaak kan word vir die sondes van mense nie, maar dat dit met elkeen in hierdie lewe gaan volgens die beheersing van die skepsel; daarom het elke mens gevorder volgens sy aanleg, en dat elke mens oorwin volgens sy krag; en wat ′n mens ook al gedoen het, geen misdaad was nie.

18 En so het hy vir hulle gepreek, en die harte van baie weggelei, en hulle hul hoofde in hul boosheid laat oplig, ja, baie vroue weggelei, en ook mans, om hoerery te pleeg—deur vir hulle te vertel dat as ′n mens dood is, was dit die einde daarvan.

19 Nou hierdie man het ook oorgegaan na die land Jerson, om hierdie dinge te preek onder die volk van Ammon, wat eens die volk van die Lamaniete was.

20 Maar kyk, hulle was verstandiger as baie van die Nefiete; want hulle het hom geneem, en hom gebind, en hom voor Ammon gedra, wat ′n hoëpriester oor daardie volk was.

21 En dit het gebeur dat hy hom uit die land laat sit het. En hy het oorgekom in die land Gídeon, en het begin om ook daar vir hulle te preek; en hier het hy nie baie welslae gehad nie, want hy is geneem en gebind en voor die hoëpriester en ook die hoofregter oor die land gedra.

22 En dit het gebeur dat die hoëpriester aan hom gesê het: Hoekom gaan jy rond en verdraai die weë van die Here? Hoekom leer jy hierdie volk dat daar geen Christus sal wees, om hulle gejuig te onderbreek nie? Hoekom spreek jy teen al die profesieë van die heilige profete?

23 Nou, die hoëpriester se naam was Giddona. En Korihor het aan hom gesê: Omdat ek nie die dwase oorleweringe van julle vaders leer nie, en omdat ek nie hierdie volk leer om hulle vas te bind onder die dwase ordinansies en handelinge wat neergelê word deur priesters van ouds nie, om mag en gesag oor hulle toe te eien,

15*a* Ether 12:5–6.

om hulle in onkunde te hou, sodat hulle nie hul hoofde mag oplig nie, maar neergebring word volgens jou woorde.
24 Julle sê dat hierdie volk ʼn vrye volk is. Kyk, ek sê dat hulle in slawerny is. Julle sê dat daardie antieke profesieë waar is. Kyk, ek sê dat julle nie weet dat hulle waar is nie.
25 Julle sê dat hierdie volk ʼn skuldige en ʼn gevalle volk is, vanweë die oortreding van ʼn voorouer. Kyk, ek sê dat ʼn kind nie skuldig is vanweë sy voorouers nie.
26 En julle sê ook dat Christus sal kom. Maar kyk, ek sê dat julle nie weet dat daar ʼn Christus sal wees nie. En julle sê ook dat Hy gedood sal word vir die [a]sondes van die wêreld—
27 En so lei julle hierdie volk weg agter die dwase oorleweringe van julle vaders aan, en volgens julle eie begeertes; en julle hou hulle onder, en wel asof in slawerny, sodat julle julself kan vergulsig uit die arbeid van hulle hande, sodat hulle nie durf opkyk met moed, en dat hulle nie hul regte en voorregte durf geniet nie.
28 Ja, hulle durf nie gebruik maak van dit wat hulle eie is nie, uit vrees dat hulle hul priesters te na sou kom, wat hulle vasjuk volgens hulle begeertes, en hulle gebring het om te glo deur hulle oorleweringe en hulle drome en hulle giere, en hulle visioene, en hulle beweerde verborgenhede, dat hulle, as hulle nie gedoen het volgens hulle woorde nie, een of ander onbekende wese te na sou kom, wat hulle sê God is—ʼn wese wat nooit gesien of geken is nie, wat nooit was nóg ooit sal wees.
29 Nou toe die hoëpriester en die hoofregter die hardheid van sy hart sien, ja, toe hulle sien dat hy selfs teen God sou uitvaar, wou hulle nie antwoord gee op sy woorde nie; maar hulle het hom laat vasbind; en hulle het hom oorgegee in die hande van die amptenare, en hom gestuur na die land Zarahemla, sodat hy voor Alma gebring mag word, en die hoofregter wat goewerneur was oor die hele land.
30 En dit het gebeur dat toe hy voor Alma en die hoofregter gebring is, het hy op dieselfde wyse aangegaan soos hy gedoen het in die land Gídeon; ja, hy het voortgegaan om te [a]laster.
31 En hy het opgestaan met groot [a]opgeblase woorde voor Alma, en het uitgevaar teen die priesters en leraars, en hulle beskuldig dat hulle die volk weglei agter die dwase oorleweringe van hulle vaders aan, vir die doel om hulle te versadig uit die arbeid van die volk.
32 Nou het Alma aan hom gesê: Jy weet dat ons ons nie versadig uit die arbeid van hierdie volk nie; want kyk, ek het gearbei en wel van die begin van die

26*a* Jes. 53:4–7.
30*a* GS Laster, Godslastering.
31*a* Hel. 13:22.

heerskappy van die regters tot
nou toe, met my eie hande vir
my onderhoud, nieteenstaande
my baie reise oral in die land om
die woord van God aan my volk
te verkondig.
33 En nieteenstaande die baie
take wat ek uitgevoer het in die
kerk, het ek nooit soveel ont-
vang as een [a]senien vir my ar-
beid nie; nóg het enige van my
broers, behalwe as dit was op die
regterstoel; en dan het ons slegs
ontvang volgens wet vir ons tyd.
34 En nou, as ons niks ontvang
vir ons arbeid in die kerk nie, wat
baat dit ons om in die kerk te ar-
bei behalwe as dit was om die
waarheid te verkondig, sodat ons
ons mag verheug in die [a]vreugde
van ons broers?
35 Dan, hoekom sê jy dat ons
vir hierdie volk preek om gewin
te verkry, as jy self weet dat ons
geen gewin verkry nie? En nou,
glo jy dat ons hierdie volk be-
drieg, wat soveel vreugde ver-
oorsaak in hulle harte?
36 En Korihor het hom geant-
woord, Ja.
37 En toe het Alma aan hom
gesê: Glo jy dat daar ′n God is?
38 En hy het geantwoord, Nee.
39 Nou het Alma aan hom gesê:
Sal jy weer ontken dat daar ′n
God is, en ook die Christus loën?
Want kyk, ek sê vir jou, ek weet
daar is ′n God, en ook dat Chris-
tus sal kom.
40 En nou watter bewys het jy
dat daar geen [a]God is nie, of dat
Christus nie kom nie? Ek sê vir
jou dat jy niks het nie, behalwe
net jou woord.
41 Maar kyk, ek het alle dinge
as ′n getuienis dat hierdie dinge
waar is; en jy het ook alle dinge
as ′n [a]getuienis vir jou dat hulle
waar is; en sal jy hulle loën? Glo
jy dat hierdie dinge waar is?
42 Kyk, ek weet dat jy glo, maar
jy is van ′n leuengees besete, en
jy het die Gees van God geloën
dat dit geen plek in jou mag hê
nie; maar die duiwel het mag oor
jou, en hy voer jou rond, terwyl
hy planne bewerk sodat hy die
kinders van God mag vernietig.
43 En nou het Korihor aan Alma
gesê: As jy my ′n [a]teken sal toon,
sodat ek oortuig mag wees dat
daar ′n God is, ja, toon aan my
dat Hy krag het, en dan sal ek oor-
tuig wees van die waarheid van
jou woorde.
44 Maar Alma het aan hom gesê:
Jy het genoeg tekens gehad; sal
jy jou God versoek? Sal jy sê,
Toon aan my ′n teken, terwyl jy
die getuienis het van [a]al hierdie
jou broers, en ook al die heilige
profete? Die skrifture is voor jou
gelê, ja, en [b]alle dinge dui daarop
dat daar ′n God is; ja, naamlik die
[c]aarde, en alle dinge wat op die
aangesig daarvan is, ja, en sy [d]be-
weging, ja, en ook al die [e]planete
wat beweeg in hulle reëlmatige

33*a* Alma 11:3.
34*a* GS Vreugde.
40*a* Ps. 14:1.
41*a* GS Getuie.
43*a* Jakob 7:13–21; L&V 46:8–9. GS Teken.
44*a* Mosia 13:33–34.
*b* Ps. 19:2; L&V 88:47.
*c* Job 12:7–10.
*d* Hel. 12:11–15.
*e* Moses 6:63.

gang, getuig dat daar ′n Opper-
ste Skepper is.
45 En tog gaan jy rond, en lei die
harte van hierdie volk weg, en ge-
tuig aan hulle dat daar geen God
is nie? En tog wil jy dit loën teen
al hierdie getuienisse? En hy het
gesê: Ja, ek sal dit loën, tensy jy
my ′n teken sal toon.
46 En nou het dit gebeur dat
Alma aan hom gesê het: Kyk, ek
is bedroef vanweë die hardheid
van jou hart, ja, dat jy steeds die
gees van die waarheid sal weer-
staan, sodat jou siel vernietig mag
word.
47 Maar kyk, dit is [a]beter dat jou
siel verlore sou gaan as dat jy die
middel sou wees om baie siele
af te bring tot vernietiging, deur
jou leuens en deur jou vleiende
woorde; daarom, as jy dit weer sal
loën, kyk, God sal jou slaan sodat
jy stom sal word, sodat jy nooit
meer jou mond sal oopmaak nie,
sodat jy nie hierdie volk weer sal
bedrieg nie.
48 Nou het Korihor aan hom
gesê: Ek loën nie die bestaan van
′n God nie, maar ek glo nie dat
daar ′n God is nie; en ek sê ook,
dat jy nie weet dat daar ′n God is
nie; en tensy jy my ′n teken toon,
sal ek nie glo nie.
49 Nou het Alma aan hom gesê:
Dit sal ek vir jou gee as teken, dat
jy [a]stomgeslaan sal word, volgens
my woorde; en ek sê, in die Naam
van God, dat jy stomgeslaan sal
word, sodat jy nie meer sal kan
praat nie.
50 Nou toe Alma hierdie woorde
gesê het, is Korihor stomgeslaan,
sodat hy nie meer kon praat nie,
volgens die woorde van Alma.
51 En nou toe die hoofregter dit
sien, het hy sy hand uitgesteek
en vir Korihor geskryf, en gesê: Is
jy nou oortuig van die krag van
God? In wie wou jy hê dat Alma
sy teken moes toon? Wou jy hê
dat hy ander moes kwel om vir
jou ′n teken te toon? Kyk, hy het
aan jou ′n teken getoon; en nou
wil jy nog stry?
52 En Korihor het sy hand uit-
gesteek en geskryf, en gesê: Ek
[a]weet dat ek stom is, want ek kan
nie praat nie; en ek weet dat niks
behalwe die krag van God dit oor
my kon bring nie, ja, en ek het al-
tyd geweet dat daar ′n God is.
53 Maar kyk, die duiwel het my
[a]bedrieg; want hy het aan my
[b]verskyn in die gedaante van ′n
engel, en aan my gesê: Gaan, en
hervorm hierdie volk, want hulle
het almal weggedwaal agter ′n
onbekende God aan. En hy het
aan my gesê: Daar is [c]geen God
nie; ja, en hy het my geleer dít wat
ek moes sê. En ek het sy woorde
geleer; en ek het hulle geleer om-
dat hulle aangenaam was vir die
[d]vleeslike gemoed; ek het hulle
geleer, en wel totdat ek veel wel-
slae gehad het, in soverre dat ek
waarlik geglo het dat hulle waar

47*a* 1 Ne. 4:13.
49*a* 2 Kron. 13:20.
52*a* Alma 30:42.
53*a* Jakob 7:14.
*b* 2 Kor. 11:14; 2 Ne. 9:9.
*c* Ps. 10:4.
*d* GS Vleeslik.

is; en om hierdie rede het ek die waarheid weerstaan, en wel totdat ek hierdie groot vloek oor my gebring het.

54 Nou toe hy dit gesê het, het hy gesmeek dat Alma tot God sou bid sodat die vloek van hom weggeneem mag word.

55 Maar Alma het aan hom gesê: As hierdie vloek van jou weggeneem sou word, sal jy weer die harte van hierdie volk weglei; daarom dit sal vir jou wees net soos die Here wil.

56 En dit het gebeur dat die vloek nie van Korihor af weggeneem is nie; maar hy is uitgewerp en het van huis tot huis gegaan vir sy voedsel.

57 Nou die kennis van wat met Korihor gebeur het, is onmiddellik dwarsdeur die hele land bekend gemaak; ja, die aankondiging is uitgestuur deur die hoofregter aan al die mense in die land, en verklaar aan diegene wat geglo het in die woorde van Korihor, dat hulle spoedig moes bekeer, sodat dieselfde oordele nie oor hulle sou kom nie.

58 En dit het gebeur dat hulle almal oortuig was van die boosheid van Korihor; daarom is hulle almal weer bekeer tot die Here; en dit het ʼn einde gemaak aan die ongeregtigheid volgens die wyse van Korihor. En Korihor het gegaan van huis tot huis om voedsel te bedel vir sy onderhoud.

59 En dit het gebeur dat terwyl hy onder die volk rondgegaan het, ja, onder ʼn volk wat hulle afgeskei het van die Nefiete en hulself Zoramiete genoem het, wat gelei is deur ʼn man wie se naam Zoram was—en terwyl hy onder hulle rondgegaan het, kyk, is hy omgeloop en vertrap, en wel totdat hy dood was.

60 En so sien ons die einde van hóm wat die weë van die Here verdraai; en so sien ons dat die [a]duiwel nie sy kinders sal [b]steun op die laaste dag nie, maar hulle spoedig aftrek na die [c]hel.

## HOOFSTUK 31

*Alma lei ʼn sending om die afvallige Zoramiete te hervorm—Die Zoramiete loën Christus, glo in ʼn valse begrip van uitverkiesing, en aanbid deur voorgeskrewe gebede—Die sendelinge word vervul met die Heilige Gees—Hul verdrukkinge word verswelg in die vreugde van Christus. Ongeveer 74 v.C.*

Nou het dit gebeur dat na die einde van Korihor, omdat Alma berig ontvang het dat die Zoramiete die weë van die Here verdraai het, en dat Zoram, wat hulle leier was, die harte van die volk gelei het om [a]neer te buig voor stomme [b]afgode, het sy hart weer begin om [c]siek te word vanweë die ongeregtigheid van die volk.

2 Want dit was die oorsaak van

60*a* GS Duiwel.
*b* Alma 3:26–27; 5:41–42; L&V 29:45.
*c* GS Hel.
**31** 1*a* Ex. 20:5; Mosia 13:13.
*b* 2 Ne. 9:37. GS Afgodery.
*c* Alma 35:15.

groot [a]droefheid vir Alma om te weet van ongeregtigheid onder sy volk; daarom was sy hart uitermate bedroef vanweë die afskeiding van die Zoramiete van die Nefiete.

3 Nou het die Zoramiete hulleself bymekaargemaak in ′n land wat hulle Antionum genoem het, wat oos was van die land Zarahemla, wat byna aangrensend was aan die seekus, wat suid was van die land Jerson, wat ook gegrens het aan die wildernis aan die suidekant, welke wildernis vol Lamaniete was.

4 Nou het die Nefiete grootliks gevrees dat die Zoramiete vriendskaplike betrekkinge sou hê met die Lamaniete, en dat dit die oorsaak sou wees van groot verlies aan die kant van die Nefiete.

5 En nou, omdat die [a]verkondiging van die [b]woord ′n groot neiging gehad het om die volk te [c]lei om dit te doen wat regverdig was—ja, dit het ′n kragtiger uitwerking gehad op die gemoed van die volk as die swaard, of enigiets anders, wat met hulle gebeur het—daarom het Alma gedink dat dit raadsaam was dat hulle die doeltreffendheid van die woord van God moes toets.

6 Daarom het hy Ammon geneem, en Aäron, en Omner; en Himni het hy gelaat in die kerk in Zarahemla; maar die voornoemde drie het hy met hom geneem, en ook Amulek en Zeesrom, wat by Melek was; en hy het ook twee van sy seuns geneem.

7 Nou, die oudste van sy seuns het hy nie met hom geneem nie, en sy naam was [a]Helaman; maar die name van diegene wat hy saam met hom geneem het, was Sjiblon, en Corianton; en dit is die name van diegene wat saam met hom gegaan het onder die [b]Zoramiete, om aan hulle die woord te preek.

8 Nou was die Zoramiete [a]afvalliges van die Nefiete; daarom het hulle die woord van God aan hulle gepredik gehad.

9 Maar hulle het [a]verval in groot dwalinge, want hulle wou nie die gebooie van God onderhou, en sy insettinge, volgens die wet van Moses nie.

10 Nóg wou hulle die handelinge van die kerk onderhou, om daagliks voort te gaan in gebed en smeking tot God, dat hulle nie in versoeking mag kom nie.

11 Ja, kortom, hulle het die weë van die Here verdraai in baie gevalle; daarom, om hierdie rede het Alma en sy broers die land ingegaan om die woord vir hulle te preek.

12 Nou, toe hulle in die land ingekom het, kyk, tot hulle verbasing het hulle gevind dat die Zoramiete sinagoges gebou het, en dat hulle hulleself

2*a* Mosia 28:3; 3 Ne. 17:14; Moses 7:41.
5*a* Enos 1:23; Alma 4:19. GS Preek.
*b* Hebr. 4:12; Jakob 2:8; Alma 36:26.
*c* Jarom 1:11–12; L&V 11:2.
7*a* GS Helaman, Seun van Alma.
*b* Alma 30:59.
8*a* Alma 24:30.
9*a* GS Afval.

bymekaargemaak het op een dag in die week, welke dag hulle die dag van die Here genoem het; en hulle het aanbid op 'n wyse wat Alma en sy broers nooit gesien het nie.

13 Want hulle het 'n plek opgebou gehad in die middel van hulle sinagoge, 'n plek om te staan, wat hoog bo die kop was; en die bopunt daarvan sou net een persoon toelaat.

14 Daarom, wie ook al begeer het om te [a]aanbid, moes opgaan en op die bopunt daarvan staan, en sy hande uitstrek na die hemel, en uitroep met 'n luide stem, en sê:

15 Heilige, heilige God; ons glo dat U God is, en ons glo dat U heilig is, en dat U 'n Gees was, en dat U 'n Gees is, en dat U 'n Gees sal wees vir ewig.

16 Heilige God, ons glo dat U ons van ons broers geskei het; en ons glo nie in die oorlewering van ons broers nie, wat aan hulle oorgelewer is deur die kinderagtigheid van hulle vaders; maar ons glo dat U ons [a]uitverkies het om u [b]heilige kinders te wees; en ook het U dit aan ons bekend gemaak dat daar geen Christus sal wees nie.

17 Maar U is dieselfde gister, vandag en vir ewig; en U het ons uitverkies dat ons gered mag word, terwyl almal rondom ons [a]uitverkies is om deur u toorn in die hel gewerp te word; vir welke heiligheid, o God, ons U dank; en ons dank U ook dat U ons uitverkies het, sodat ons nie weggelei word agter die dwase oorleweringe van ons broers nie, wat hulle vasbind tot 'n geloof in Christus, wat hulle harte lei om ver van U af te dwaal, ons God.

18 En verder dank ons U, o God, dat ons 'n uitverkore en 'n heilige volk is. Amen.

19 Nou het dit gebeur dat nadat Alma en sy broers en sy seuns hierdie gebede gehoor het, was hulle bomate verbaas.

20 Want kyk, elke mens het opgegaan en dieselfde gebede gedoen.

21 Nou, die plek is deur hulle Rameümptom genoem, wat, as dit vertaal word, die heilige platform is.

22 Nou, van hierdie platform af het hulle gedoen, elke mens, dieselfde gebed aan God, en hul God gedank dat hulle deur Hom uitverkies is, en dat Hy hulle nie weggelei het agter die oorleweringe van hulle broers aan nie, en dat hulle harte nie weggesteel was om te glo in dinge wat moes kom, waarvan hulle niks geweet het nie.

23 Nou, nadat die mense almal op hierdie wyse hulle dank betuig het, het hulle teruggekeer na hul huise, en [a]nooit weer van hulle God gespreek totdat hulle weer by die heilige platform versamel het nie, om dank te betuig volgens hulle wyse.

24 Nou toe Alma dit sien, was

14*a* Matt. 6:1–7.
16*a* Alma 38:13–14.
*b* Jes. 65:3, 5.
17*a* GS Ydel, Ydelheid.
23*a* Jak. 1:21–25.

sy hart [a]bedroef; want hy het gesien dat hulle 'n goddelose en wederstrewige volk was; ja, hy het gesien dat hulle harte gerig was op goud, en op silwer, en op alle soorte mooi dinge.
25 Ja, en hy het ook gesien dat hulle harte [a]verhewe was tot groot roem, in hulle hoogmoed.
26 En hy het sy stem verhef tot die hemel, en [a]uitgeroep, en gesê: O, hoe lank, o Here, sal U toelaat dat u diensknegte hier benede sal woon in die vlees, om sulke groot boosheid te aanskou onder die kinders van mense?
27 Kyk, o God, hulle [a]roep tot U, en tog is hulle harte opgeneem deur hulle hoogmoed. Kyk, o God, hulle roep tot U met hulle monde, terwyl hulle [b]opgeblase is, en wel tot verwaandheid toe, met die ydele dinge van die wêreld.
28 Kyk, o my God, hulle kosbare kleding, en hulle ringetjies, en hulle [a]armbande, en hulle ornamente van goud, en al hulle kosbare dinge waarmee hulle versier is; en kyk, hulle harte is op hulle gesteld, en tog roep hulle tot U en sê—Ons dank U, o God, want ons is 'n uitverkore volk vir U, terwyl andere sal vergaan.
29 Ja, en hulle sê dat U dit aan hulle bekend gemaak het dat daar geen Christus sal wees nie.
30 O Here God, hoe lank sal U toelaat dat sulke boosheid en ontrouheid onder hierdie volk sal wees? O Here, sal U my krag gee, sodat ek my swakhede mag verduur. Want ek is swak, en sulke boosheid onder hierdie volk pynig my siel.
31 O Here, my hart is uitermate bedroef; sal U my siel vertroos [a]in Christus. O Here, sal U aan my gun dat ek krag mag hê, dat ek hierdie verdrukkinge met geduld sal verduur wat oor my sal kom, vanweë die ongeregtigheid van hierdie volk.
32 O Here, sal U my siel vertroos, en aan my welslae gee, en ook my medearbeiders, wat by my is—ja, Ammon, en Aäron, en Omner, en ook Amulek en Zeesrom, en ook my [a]twee seuns—ja, en wel al hierdie sal U vertroos, o Here. Ja, sal U hulle siele vertroos in Christus.
33 Sal U aan hulle gun, dat hulle krag mag hê, dat hulle hul verdrukkinge mag verduur wat oor hulle sal kom vanweë die ongeregtighede van hierdie volk.
34 O Here, sal U [a]aan ons gee dat ons welslae mag hê om hulle weer na U te bring in Christus.
35 Kyk, o Here, hulle [a]siele is kosbaar, en baie van hulle is ons broers; daarom, gee aan ons, o Here, krag en wysheid dat ons hierdie, ons broers, weer na U mag bring.
36 Nou het dit gebeur dat toe

24*a* Gén. 6:5–6.
25*a* Jakob 2:13; Alma 1:32.
26*a* Moses 7:41–58.
27*a* Jes. 29:13.
*b* GS Hoogmoed.
28*a* Jes. 3:16–24.
31*a* Joh. 16:33.
32*a* Alma 31:7.
34*a* 2 Ne. 26:33.
35*a* GS Siel—Waarde van siele.

Alma hierdie woorde gesê het, dat hy sy [a]hande [b]geplaas het op al diegene wat by hom was. En kyk, toe hy sy hande op hulle geplaas het, is hulle vervul met die Heilige Gees.

37 En daarna het hulle hulself van mekaar geskei, die een van die ander, en hulle was nie [a]besorg oor wat hulle sou eet, of wat hulle sou drink, of wat hulle sou aantrek nie.

38 En die Here het vir hulle voorsien sodat hulle nie sou honger ly, nóg dors word; ja, en Hy het ook krag vir hulle gegee, sodat hulle geen soort [a]verdrukking sou ly nie, behalwe as dit verswelg is in die vreugde van Christus. Nou dit was volgens die gebed van Alma; en dit omdat hy in [b]geloof gebid het.

## HOOFSTUK 32

*Alma leer die armes wat deur verdrukkinge verootmoedig is—Geloof is ′n vertroue in dít wat nie gesien word nie, wat waar is—Alma getuig dat engele mans, vroue, en kinders dien—Alma vergelyk die woord met ′n saad—Dit moet geplant en versorg word—Dan groei dit op tot ′n boom waarvan die vrug van die ewige lewe gepluk word. Ongeveer 74 v.C.*

En dit het gebeur dat hulle uitgegaan het, en begin het om die woord van God te preek aan die volk, en hulle het in hulle sinagoges ingegaan, en in hulle huise; ja, en hulle het selfs die woord gepreek in hulle strate.

2 En dit het gebeur dat na baie bearbeiding onder hulle, het hulle begin om welslae te behaal onder die [a]arm klas van mense; want kyk, hulle is uitgewerp uit die sinagoges vanweë die ruheid van hulle kleredrag—

3 Daarom is hulle nie toegelaat om hulle sinagoges binne te gaan om God te aanbid nie, omdat hulle as vieslik beskou is; daarom was hulle arm; ja, hulle is beskou as droes deur hulle broers; daarom was hulle [a]arm wat die dinge van die wêreld betref; en hulle was ook nederig van hart.

4 Nou, terwyl Alma die volk geleer en met hulle gespreek het op die heuwel Onida, het daar ′n groot skare na hom gekom, wat diesulkes was waarvan ons gespreek het, wat [a]nederig van hart was, vanweë hulle armoede betreffende die dinge van die wêreld.

5 En hulle het na Alma gekom; en die een wat die vernaamste onder hulle was het aan hom gesê: Kyk, [a]wat moet hierdie, my broers doen, want hulle word verag deur alle mense vanweë hulle armoede, ja, en meer in besonder deur ons priesters; want hulle het ons uit ons sinagoges [b]uitgewerp

36 *a* GS Hande, Oplegging van.
*b* 3 Ne. 18:36–37.
37 *a* Matt. 6:25–34; 3 Ne. 13:25–34.
38 *a* Matt. 5:10–12; Mosia 24:13–15; Alma 33:23.
*b* GS Geloof, Glo.
**32** 2 *a* GS Armes.
3 *a* Alma 34:40.
4 *a* GS Armes—Arm van gees.
5 *a* Spr. 18:23.
*b* Alma 33:10.

waaraan ons so hard gewerk het om te bou met ons eie hande; en hulle het ons uitgewerp vanweë ons uitermate armoede; en ons het geen plek om ons God te aanbid nie; en kyk, [c]wat sal ons doen?
6 En nou, toe Alma dit hoor, het hy omgedraai, met sy aangesig direk na hom gewend, en hy het met groot blydskap aanskou; want hy het gesien dat hulle [a]verdrukkinge hulle waarlik [b]verootmoedig het, en dat hulle [c]voorbereid was om die woord aan te hoor.
7 Daarom het hy niks meer aan die ander skare gesê nie, maar hy het sy hand uitgestrek en diegene toegeroep wat hy gesien het, wat waarlik bekeer was, en aan hulle gesê:
8 Ek sien dat julle [a]nederig van hart is; en as dit so is, geseënd is julle.
9 Kyk, julle broer het gesê, Wat sal ons doen?—want ons is uitgewerp uit ons sinagoges, sodat ons nie ons God kan aanbid nie.
10 Kyk, ek sê vir julle, veronderstel julle dat julle God nie kan [a]aanbid nie, behalwe in julle sinagoges?
11 En bowendien wil ek vra, veronderstel julle dat julle vir God nie mag aanbid nie, behalwe eenkeer ′n week?
12 Ek sê vir julle, dit is goed dat julle uitgewerp is uit jul sinagoges, sodat julle nederig mag wees, en sodat julle [a]wysheid mag leer; want dit is nodig dat julle wysheid moet leer; want dit is omdat julle uitgewerp is, dat julle verag word deur julle broers vanweë julle uitermate [b]armoede, dat julle gebring word na ′n nederigheid van hart; want julle word noodwendig gebring om nederig te wees.
13 En nou, omdat julle gedwing is om nederig te wees, geseënd is julle; want ′n mens soms, as hy gedwing word om nederig te wees, soek bekering; en nou waarlik, wie ook al bekeer, sal barmhartigheid vind; en hy wat barmhartigheid vind en [a]volhard tot die einde toe, sal gered word.
14 En nou, soos ek aan julle gesê het, dat omdat julle gedwing is om nederig te wees, is julle geseënd, veronderstel julle nie dat hulle meer geseënd is wat hulleself waarlik verootmoedig vanweë die woord nie?
15 Ja, hy wat homself waarlik verootmoedig, en bekeer van sy sondes, en volhard tot die einde toe, sal geseën word—ja, baie meer geseënd as hulle wat gedwing word om nederig te wees vanweë hulle uitermatige armoede.
16 Daarom, geseënd is hulle wat hulleself [a]verootmoedig sonder om gedwing te word om nederig te wees; of eerder, met ander woorde, geseënd is hy wat glo in

5c Hand. 2:37–38.
6a GS Teenstand.
b GS Nederig, Nederigheid.
c Alma 16:16–17; L&V 101:8.
8a Matt. 5:3–5.
10a GS Aanbid.
12a Pred. 4:13.
b Spr. 16:8.
13a Alma 38:2.
16a GS Nederig, Nederigheid.

die woord van God, en gedoop
word sonder hardnekkigheid
van hart, ja, sonder om gebring
te word om die woord te ken, of
selfs gedwing te word om dit te
ken, voordat hulle sal glo.
17 Ja, daar is baie wat sê: As u
aan ons ′n [a]teken toon uit die he-
mel, dan sal ons vir seker weet;
dan sal ons glo.
18 Nou vra ek, is dit geloof?
Kyk, ek sê vir julle, Nee; want as
′n mens iets weet, het hy nie rede
om te [a]glo nie, want hy weet dit.
19 En nou, hoeveel te meer is
hy vervloek wat die wil van God
[a]ken en dit nie doen nie, as hy wat
net glo, of net rede het om te glo,
en in oortreding verval?
20 Nou oor hierdie ding moet
julle oordeel. Kyk, ek sê vir julle,
dat dit aan die een kant is net soos
aan die ander; en dit sal wees aan
elke mens volgens sy werke.
21 En nou soos ek gesê het aan-
gaande geloof—[a]geloof is nie om
′n volmaakte kennis van dinge te
hê nie; daarom, as julle geloof het,
[b]hoop julle op dinge wat [c]nie ge-
sien word nie, wat waar is.
22 En nou, kyk, ek sê vir julle, en
ek wil hê dat julle moet onthou,
dat God barmhartig is teenoor al-
mal wat in sy Naam glo; daarom,
Hy begeer in die eerste plek dat
julle moet glo, ja, en naamlik in
sy woord.
23 En nou, Hy deel sy woord
mee deur engele aan die mens,
ja, [a]nie alleen mans nie, maar ook
vroue. Nou, dit is nie al nie; aan
klein [b]kindertjies word die woord
baie kere gegee, wat die wyses en
die geleerdes beskaam.
24 En nou, my geliefde broers,
omdat julle begeer het om vir my
te vra wat julle moet doen, omdat
julle gekwel en uitgewerp word—
nou begeer ek nie dat julle moet
veronderstel dat ek bedoel om
julle te oordeel alleen volgens dit
wat waar is nie—
25 Want ek bedoel nie dat almal
van julle gedwing is om julleself
te verootmoedig nie; want ek glo
waarlik dat daar sommiges onder
julle is wat hulleself sal veroot-
moedig, laat hulle wees in welke
omstandighede hulle ook al mag
wees.
26 Nou, soos ek gesê het aan-
gaande geloof—dat dit nie ′n vol-
maakte kennis was nie—net so is
dit met my woorde. Julle kan nie
aanvanklik van hulle sekerheid
weet nie, tot volmaaktheid, net
so min as wat geloof ′n volmaakte
kennis is.
27 Maar kyk, as julle sal wakker
word en julle vermoëns opwek,
en wel tot ′n proefneming met my
woorde, en ′n greintjie geloof be-
oefen, ja, as julle selfs niks meer
kan as net [a]begeer om te glo nie,
laat hierdie begeerte in julle werk,
totdat julle glo op só ′n wyse dat

17*a* GS Teken.
18*a* Ether 12:12, 18.
19*a* Joh. 15:22–24.
21*a* Joh. 20:29; Hebr. 11.
*b* GS Hoop.
*c* Ether 12:6.
23*a* Joël 2:28–29.
*b* Matt. 11:25; Lk. 10:21; 3 Ne. 26:14–16; L&V 128:18.
27*a* Mark. 11:24.

julle plek kan gee vir ʼn gedeelte van my woorde.

28 Nou, ons sal die woord vergelyk met ʼn [a]saad. Nou, as julle plek gee dat ʼn [b]saad geplant mag word in julle [c]harte, kyk, as dit ʼn ware saad is, of ʼn goeie saad, as julle dit nie uitwerp deur julle [d]ongeloof nie, sodat julle die Gees van die Here sal weerstaan, kyk, dit sal begin swel in julle boesems; en wanneer julle hierdie bewegings van swelling voel, sal julle begin om vir julleself te sê—Dit moet noodwendig ʼn goeie saad wees, of dat die woord goed is, want dit begin om my siel te vergroot; ja, dit begin my [e]verstand te verlig, ja, dit begin om heerlik te wees vir my.

29 Nou kyk, sal dit nie julle geloof vermeerder nie? Ek sê vir julle, Ja; nogtans het dit nie opgegroei tot ʼn volmaakte kennis nie.

30 Maar kyk, soos die saad swel, en uitloop, en begin te groei, dan moet julle noodwendig sê dat die saad goed is; want kyk dit swel, en loop uit, en begin te groei. En nou, kyk, sal dit nie julle geloof versterk nie? Ja, dit sal julle geloof versterk: want julle sal sê ek weet dat dit ʼn goeie saad is; want kyk, dit loop uit en begin om te groei.

31 En nou kyk, is julle seker dat dit ʼn goeie saad is? Ek sê vir julle, Ja; want elke saad bring volgens sy eie [a]gelykenis voort.

32 Daarom, as ʼn saad groei is dit goed, maar as dit nie groei nie, kyk, dan is dit nie goed nie, daarom word dit weggewerp.

33 En nou, kyk, omdat julle die proefneming probeer het, en die saad geplant het, en dit swel en loop uit, en begin om te groei, moet julle noodwendig weet dat die saad goed is.

34 En nou kyk, is julle [a]kennis volmaak? Ja, julle kennis is volmaak in daardie ding, en julle [b]geloof is rustend; en dit is omdat julle weet, want julle weet dat die woord julle siele laat uitswel het, en julle weet ook dat dit uitgeloop het, dat julle [c]verstand begin om verlig te wees, en julle verstand begin om te groei.

35 O dan, is dit nie werklik nie? Ek sê vir julle, Ja, want dit is [a]lig; en wat ook al lig is, is goed, want dit is waarneembaar, daarom moet julle weet dat dit goed is; en nou kyk, nadat julle hierdie lig gesmaak het, is julle kennis volmaak?

36 Kyk ek sê vir julle, Nee; nóg moet julle jul geloof opsy lê, want julle het net julle geloof beoefen om die saad te plant sodat julle die proefneming mag probeer om te weet of die saad goed was.

37 En kyk, soos die boom begin om te groei, sal julle sê: Laat ons dit versorg met groot sorgvuldigheid sodat dit mag wortelskiet,

28*a* Alma 33:1.
*b* Lk. 8:11.
*c* GS Hart.
*d* Matt. 17:20.
*e* GS Begrip.
31*a* Gén. 1:11–12.
34*a* GS Kennis.
*b* Ether 3:19.
*c* GS Verstand.
35*a* Joh. 3:18–21.
GS Lig, Lig van Christus.

dat dit kan opgroei, en vrugte
voortbring vir ons. En nou kyk,
as julle dit versorg met groot
sorgvuldigheid, sal dit wor-
telskiet, en opgroei en vrugte
voortbring.
38 Maar as julle die boom [a]ver-
waarloos, en geen aandag gee aan
sy versorging nie, kyk, dan sal dit
nie wortelskiet nie; en wanneer
die hitte van die son kom en dit
verskroei, omdat dit geen wortel
het nie, verdroog dit, en julle trek
dit uit en gooi dit weg.
39 Nou, dit is nie omdat die saad
nie goed was nie, nóg is dit om-
dat die vrugte daarvan nie be-
geerlik sou wees nie; maar dit is
omdat julle [a]grond onvrugbaar
is, en julle wil nie die boom ver-
sorg nie, daarom kan julle nie die
vrugte daarvan hê nie.
40 En dus, as julle nie die woord
wil versorg nie, en uitsien met
ʼn oog van geloof na die vrugte
daarvan, kan julle nooit van die
vrugte pluk van die [a]boom van
die lewe nie.
41 Maar as julle die woord sal
versorg, ja versorg die boom
wanneer dit begin groei, deur
julle geloof met groot ywer, en
met [a]geduld, en uitsien na die
vrugte daarvan, sal dit wortel-
skiet; en kyk dit sal ʼn boom wees
wat [b]opskiet tot die ewigdurende
lewe.
42 En as gevolg van julle [a]ywer,
en julle geloof en julle geduld met
die woord in die versorging daar-
van, sodat dit kan wortelskiet in
julle, kyk, weldra sal julle die
[b]vrugte daarvan pluk, wat uiters
kosbaar is, wat soet is bo alles wat
soet is, en wat wit is bo alles wat
wit is, ja, en suiwer bo alles wat
suiwer is; en julle sal feesvier op
hierdie vrug totdat julle versadig
is, sodat julle nie meer honger nie,
nóg sal julle dors.
43 Dan, my broers, sal julle die
beloning van julle geloof maai,
en julle ywer, en geduld, en lank-
moedigheid, terwyl julle wag vir
die boom om vir julle vrugte
voort te bring.

## HOOFSTUK 33

*Zenos het geleer dat mense moet bid en aanbid in alle plekke, en dat oordele weggekeer word vanweë die Seun—Zenok het geleer dat barmhartigheid verleen word vanweë die Seun—Moses het in die wildernis ʼn voorafskaduwing opgehef van die Seun van God. Ongeveer 74 v.C.*

NOU, nadat Alma hierdie woorde
gespreek het, het hulle uitgestuur
na hom en was begerig om te weet
of hulle moes glo in [a]een God, so-
dat hulle hierdie vrug kon ver-
kry waarvan hy gespreek het, of
hoe hulle die [b]saad moes plant, of
die woord waarvan hy gespreek
het, wat hy gesê het geplant moes

38*a* GS Afval.
39*a* Matt. 13:5.
40*a* Gén. 2:9; 1 Ne. 15:36.
41*a* GS Geduld.
*b* Alma 33:23; L&V 63:23.
42*a* GS Ywer.
*b* 1 Ne. 8:10–12.
**33** 1*a* 2 Ne. 31:21; Mosia 15:2–4.
*b* Alma 32:28–43.

word in hulle harte; of op watter
wyse hulle moes begin om hul ge-
loof te beoefen.
2 En Alma het aan hulle gesê:
Kyk, julle het gesê dat julle nie
julle God kon [a]aanbid nie omdat
julle uitgewerp is uit julle sinago-
ges. Maar kyk, ek sê vir julle, as
julle veronderstel dat julle God
nie kan aanbid nie, dwaal julle
grootliks, en julle behoort die
[b]skrifture te ondersoek; as julle
veronderstel dat hulle vir julle dit
geleer het, verstaan julle hulle nie.
3 Onthou julle dat julle gelees
het wat [a]Zenos, die profeet van
ouds, gesê het aangaande gebed
of [b]aanbidding?
4 Want hy het gesê: U is barm-
hartig, o God, want U het my ge-
bed gehoor, en selfs toe ek in die
wildernis was; ja, U was barmhar-
tig toe ek gebid het vir diegene
wat my [a]vyande was, en U het
hulle na my toe gekeer.
5 Ja, o God, en U was barmhar-
tig jeens my toe ek tot U geroep
het in my [a]landery; toe ek tot U
geroep het in my gebed, en U het
my gehoor.
6 En verder, o God, toe ek terug-
gekeer het na my huis, het U my
gehoor in my gebed.
7 En toe ek na my [a]binnekamer
gegaan het, o Here, en tot U ge-
bid het, het U my gehoor.
8 Ja, U is barmhartig jeens u
kinders wanneer hulle roep tot
U, om deur U gehoor te word en
nie deur mense nie, en U sal hulle
hoor.
9 Ja, o God, U was barmhartig
jeens my, en het my geroep ge-
hoor te midde van u gemeentes.
10 Ja, en U het my ook gehoor
toe ek [a]uitgewerp was en verag is
deur my vyande; ja, U het my ge-
roep gehoor, en was kwaad vir my
vyande, en U het hulle besoek in u
toorn met spoedige vernietiging.
11 En U het my gehoor vanweë
my verdrukkinge en my opregt-
heid; en dit is vanweë u Seun dat
U so barmhartig was jeens my,
daarom sal ek tot U roep in al
my verdrukkinge, want in U is
my vreugde; want U het u oor-
dele afgewend van my af, van-
weë u Seun.
12 En nou het Alma aan hulle
gesê: Glo julle daardie [a]skrifture
wat geskryf is deur hulle van
ouds?
13 Kyk, as julle glo, moet julle
glo wat [a]Zenos gesê het; want
kyk, hy het gesê: U het u oordele
afgewend vanweë u Seun.
14 Nou kyk, my broers, ek wil
vra of julle die skrifture gelees
het? As julle het, hoe kan julle
nie in die Seun van God glo nie?
15 Want dit is [a]nie geskryf dat
[b]Zenos alleen gespreek het van
hierdie dinge nie, maar Zenok het
ook gespreek van hierdie dinge—
16 Want kyk, hy het gesê: U is

2*a* Alma 32:5.
*b* Alma 37:3–10.
3*a* GS Skrifture—Verlore skrifture; Zenos.
*b* GS Aanbid.
4*a* Matt. 5:44.
5*a* Alma 34:20–25.
7*a* Matt. 6:5–6; Alma 34:26.
10*a* Alma 32:5.
12*a* GS Skrifture.
13*a* Alma 34:7.
15*a* Jakob 4:4.
*b* 1 Ne. 19:10; Alma 34:7.

vertoornd, o Here, met hierdie
volk, omdat hulle nie u barmhar-
tighede wil begryp wat U toebe-
deel het aan hulle vanweë u Seun
nie.
17 En nou, my broers, julle sien
dat ʼn tweede profeet van ouds
getuig het van die Seun van God,
en omdat die volk nie sy woorde
wou verstaan nie, het hulle hom
[a]gestenig tot die dood toe.
18 Maar kyk, dit is nie al nie;
hierdie is nie die enigstes wat ge-
spreek het aangaande die Seun
van God nie.
19 Kyk, van Hom is gespreek
deur [a]Moses; ja, en kyk ʼn [b]voor-
afskaduwing is in die wildernis
[c]opgehef, sodat wie ook al wat
daarna kyk, mag lewe. En baie
het gekyk en gelewe.
20 Maar min het die betekenis
van daardie dinge verstaan, en dit
vanweë die hardheid van hulle
harte. Maar daar was baie wat só
verhard was dat hulle nie wou
kyk nie, daarom het hulle omge-
kom. Nou, die rede waarom hulle
nie wou kyk nie, is omdat hulle
nie geglo het dat dit hulle sou [a]ge-
nees nie.
21 O my broers, as julle genees
kon word deur bloot met julle oë
rond te kyk sodat julle genees
mag word, sou julle nie gou kyk
nie, of sou julle eerder julle harte
verhard in ongeloof, en traag
wees dat julle nie met julle oë sal
rondkyk nie, sodat julle mag om-
kom?
22 As dit so is, sal ellende oor
julle kom; maar as dit nie so is
nie, kyk dan rond met julle oë
en [a]begin om te glo in die Seun
van God, dat Hy sal kom om sy
volk te verlos, en dat Hy sal ly en
sterwe, om [b]versoening te doen
vir hulle sondes; en dat Hy weer
sal [c]opstaan uit die dood, wat die
[d]opstanding sal teweegbring dat
alle mense voor Hom sal staan om
geoordeel te word op die laaste
en oordeelsdag, volgens hulle
[e]werke.
23 En nou, my broers, ek wil hê
dat julle hierdie woord in julle
harte sal [a]plant, en wanneer dit
begin om te swel, versorg dit net
so deur julle geloof. En kyk, dit
sal ʼn boom word, wat [b]opskiet
in julle tot die ewigdurende lewe.
En dan mag God aan julle gun dat
julle [c]laste lig mag wees, deur die
vreugde van sy Seun. En inder-
daad kan julle dit alles doen as
julle wil. Amen.

## HOOFSTUK 34

*Amulek getuig dat die woord in Christus tot heil is—Tensy ʼn versoening gedoen word, moet die*

17*a* GS Martelaar, Martelaarskap.
19*a* Deut. 18:15, 18; Alma 34:7.
*b* Núm. 21:9; 2 Ne. 25:20; Mosia 3:15.
*c* Joh. 3:14; Hel. 8:14–15.
20*a* 1 Ne. 17:40–41.
22*a* Alma 32:27–28.
*b* Alma 22:14; 34:8–9.
*c* GS Opstanding.
*d* Alma 11:44.
*e* GS Werke.
23*a* Alma 33:1; 34:4.
*b* Alma 32:41; L&V 63:23.
*c* Alma 31:38.

*ganse mensdom omkom—Die hele wet van Moses dui op die offerande van die Seun van God—Die ewige plan van verlossing word gebaseer op geloof en bekering—Bid vir stoflike en geestelike seëninge—Hierdie lewe is die tyd vir die mens om voor te berei om God te ontmoet—Werk jou heil uit met vrees voor God. Ongeveer 74 v.C.*

En nou het dit gebeur dat nadat
Alma hierdie woorde met hulle
gespreek het, het hy op die grond
gaan sit, en [a]Amulek het opge-
staan en hulle begin leer, en gesê:
2 My broers, ek dink dat dit on-
moontlik is dat julle onkundig sal
wees van die dinge wat gespreek
is aangaande die koms van Chris-
tus, wat deur ons geleer word dat
Hy die Seun van God is; ja, ek
weet dat [a]hierdie dinge oorvloe-
dig aan julle geleer is voor julle
afval van ons.
3 En omdat julle wou hê dat my
geliefde broer aan julle moet be-
kend maak wat julle moet doen,
vanweë julle verdrukkinge; en hy
het ietwat met julle gespreek om
julle gedagtes voor te berei; ja, en
hy het julle vermaan tot geloof en
geduld—
4 Ja, en wel dat julle soveel ge-
loof moet hê om die woord te
[a]plant in julle harte, sodat julle die
goedheid daarvan kan beproef.
5 En ons het gesien dat die groot
vraag wat in julle gedagtes is, is
of die woord in die Seun van God
is, en of daar geen Christus sal
wees nie.
6 En julle het ook gesien dat my
broer aan julle bewys het, in baie
gevalle, dat die [a]woord in Chris-
tus tot heil is.
7 My broer het ook die woorde
van Zenos aangehaal, dat verlos-
sing kom deur die Seun van God,
en ook die woorde van Zenok; en
ook het hy verwys na Moses, om
te bewys dat hierdie dinge waar
is.
8 En nou, kyk, ek sal aan julle
[a]getuig uit my eie dat hierdie
dinge waar is. Kyk, ek sê vir julle,
dat ek weet dat Christus onder
die kinders van mense sal kom,
om die oortredings van sy volk op
Hom te neem, en dat Hy [b]versoe-
ning vir die sondes van die wê-
reld sal doen; want die Here God
het dit gespreek.
9 Want dit is noodsaaklik dat ’n
[a]versoening gedoen moet word;
want volgens die groot [b]plan van
die Ewige God moet daar ’n ver-
soening gedoen word, of anders
moet die hele mensdom onver-
mydelik omkom; ja, almal is ver-
hard ja, almal is [c]gevalle en is
verlore, en moet omkom tensy dit
is deur die versoening wat nood-
saaklik is om gedoen te word.
10 Want dit is noodsaaklik dat
daar ’n groot en laaste [a]offerande

**34** 1*a* Alma 8:21.
2*a* Alma 16:13–21.
4*a* Alma 33:23.
6*a* Joh. 1:1, 14.
8*a* GS Getuig.
*b* GS Versoen, Versoening.
9*a* Alma 33:22.
*b* Alma 12:22–33; Moses 6:62.
*c* GS Val van Adam en Eva.
10*a* Moses 5:6–7.

sal wees; ja, nie ′n offerande van ′n mens nie, nóg van ′n dier, nóg van enige soort voël; want dit sal nie ′n menslike offerande wees nie; maar dit moet ′n [b]oneindige en ewige [c]offerande wees.

11 Nou is daar geen mens wat sy eie bloed kan offer wat sal versoen vir die sondes van ′n ander nie. Nou, as ′n man moord pleeg, kyk, sal ons wet, wat [a]regverdig is, die lewe neem van sy broer? Ek sê vir julle, Nee.

12 Maar die wet vereis die lewe van hom wat [a]moord gepleeg het; daarom kan daar niks minder wees as ′n oneindige versoening wat voldoende sal wees vir die sondes van die wêreld nie.

13 Daarom, dit is noodsaaklik dat daar ′n groot en laaste offerande moet wees; en dan sal daar wees, of dit is raadsaam dat daar ′n [a]einde moet wees aan die vergieting van bloed; dan sal die [b]wet van Moses vervul word, ja, dit sal alles vervul word, elke jota en tittel, en niks sal verbygegaan het nie.

14 En kyk, dit is die hele [a]betekenis van die [b]wet, elke gedeelte wat sal dui op daardie groot en [c]laaste offerande; en dat daardie groot en laaste offerande die Seun van God sal wees, ja, oneindig en ewig.

15 En so sal Hy [a]heil bring aan al diegene wat in sy Naam sal glo; en dit is die doel van hierdie laaste offerande, om innerlike ontferming teweeg te bring wat geregtigheid oorweldig, en die middel aan mense bring waardeur hulle geloof mag hê tot bekering.

16 En sodoende kan [a]barmhartigheid die eise van [b]geregtigheid bevredig, en hulle omhels in die arms van veiligheid, terwyl hy wat geen geloof beoefen tot bekering nie, blootgestel word aan die hele wet van die eise van [c]geregtigheid; daarom word slegs vir hom wat geloof het tot bekering die groot en ewige [d]plan van verlossing teweeggebring.

17 Daarom mag God aan julle gun, my broers, dat julle mag begin om jul [a]geloof te beoefen tot bekering, dat julle begin om sy heilige Naam [b]aan te roep, sodat Hy julle barmhartig mag wees;

18 Ja, roep tot Hom om barmhartigheid; want Hy is magtig om te red.

19 Ja, verootmoedig julself, en volhard in gebed tot Hom.

20 Roep tot Hom wanneer julle in julle landerye is, ja, oor al julle kuddes.

21 [a]Roep tot Hom in julle huise, ja, oor julle hele huishouding, beide soggens, smiddags en saans.

10*b* 2 Ne. 9:7.
*c* GS Opoffer.
11*a* Deut. 24:16; Mosia 29:25.
12*a* GS Doodstraf; Moord.
13*a* 3 Ne. 9:17, 19–20.
*b* 3 Ne. 15:5.
14*a* Alma 30:3.
*b* GS Wet van Moses.
*c* L&V 138:35.
15*a* GS Heil.
16*a* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
*b* GS Geregtigheid.
*c* Alma 12:32.
*d* GS Plan van Verlossing.
17*a* GS Geloof, Glo.
*b* GS Gebed.
21*a* Ps. 5:1–3; 3 Ne. 18:21.

22 Ja, roep tot Hom teen die mag van julle vyande.
23 Ja, [a]roep tot Hom teen die [b]duiwel, wat ʼn vyand is van alle [c]regverdigheid.
24 Roep tot Hom oor die oeste van julle landerye, sodat julle voorspoedig mag wees in hulle.
25 Roep oor die kuddes in julle lande dat hulle mag vermeerder.
26 Maar dit is nie al nie; julle moet julle siele uitstort in jul [a]binnekamers, en julle geheime plekke, en in julle wildernis.
27 Ja, en as julle nie roep tot die Here nie, laat julle [a]harte [b]vol wees, uitgestrek in gebed tot Hom gedurigdeur vir julle welsyn, en ook vir die welsyn van diegene wat om julle is.
28 En nou kyk, my geliefde broers, ek sê vir julle, moenie veronderstel dat dit al is nie; want nadat julle al hierdie dinge gedoen het, as julle die [a]behoeftiges wegstuur, en die naaktes, en die krankes en die verdruktes nie besoek nie, en nie van julle besittings [b]deel nie, as julle het, aan diegene wat dit nodig het nie— ek sê vir julle, as julle geen van hierdie dinge doen nie, kyk, dan is julle [c]gebed [d]tevergeefs, en baat julle niks nie, en julle is soos huigelaars wat die geloof verloën.
29 Daarom, as julle nie onthou om [a]naasteliefde te bewys nie, is julle soos droes, wat die smelters uitwerp, (aangesien dit van geen waarde is nie), en word vertrap onder die voete van mense.
30 En nou, my broers, ek wil hê dat, nadat julle soveel getuienisse ontvang het, aangesien die heilige skrifture getuig van hierdie dinge, dat julle na vore moet kom en [a]vrugte tot bekering voortbring.
31 Ja, ek wil hê dat julle na vore moet kom en julle harte nie langer verhard nie; want kyk, nou is die tyd en [a]dag van julle heil; en daarom, as julle sal bekeer en nie julle harte verhard nie, sal die groot plan van verlossing onmiddellik op julle toegepas word.
32 Want kyk, hierdie lewe is die tyd vir mense om [a]voor te berei om God te ontmoet; ja kyk, die dag van hierdie lewe is die dag vir mense om hulle arbeid te verrig.
33 En nou, soos ek tevore aan julle gesê het, aangesien julle soveel getuienisse gehad het, daarom smeek ek julle dat julle nie die dag van julle [a]bekering [b]uitstel tot die einde nie; want na hierdie dag van lewe, wat aan ons gegee word om voor te berei vir die ewigheid, kyk, as ons nie ons tyd beter benut terwyl in hierdie

23 *a* 3 Ne. 18:15, 18.
*b* GS Duiwel.
*c* GS Regverdigheid, Regverdig.
26 *a* Matt. 6:5–6.
27 *a* GS Hart.
*b* GS Peins.
28 *a* GS Armes.
*b* GS Aalmoes, Aalmoese Gee.
*c* Matt. 15:7–8.
*d* Moro. 7:6–8.
29 *a* GS Naasteliefde.
30 *a* Matt. 3:8; Alma 13:13.
31 *a* Rom. 13:11–12.
32 *a* 2 Ne. 2:21; Alma 12:24; 42:4–6.
33 *a* Hel. 13:38; L&V 45:2.
*b* GS Bekeer, Bekering.

lewe nie, dan kom die [c]nag van [d]duisternis waarin daar geen arbeid verrig kan word nie.

34 Julle kan nie sê, wanneer julle tot daardie verskriklike [a]krisis gebring word, dat ek sal bekeer, dat ek sal terugkeer na my God nie. Nee, julle kan dit nie sê nie; want daardie selfde gees wat julle liggame beheer op die tyd wanneer julle hierdie lewe uitgaan, daardie selfde gees sal mag hê om julle liggame te beheer in daardie ewige wêreld.

35 Want kyk, as julle die dag van julle bekering uitgestel het tot die dood toe, kyk, het julle [a]onderhewig geword aan die gees van die duiwel, en hy [b]seël julle as syne; daarom, die Gees van die Here het van julle onttrek, en het geen plek in julle nie, en die duiwel het alle mag oor julle; en dit is die uiteindelike toestand van die bose.

36 En dit weet ek, omdat die Here gesê het dat Hy nie in [a]onheilige tempels woon nie, maar Hy woon in die harte van die [b]regverdiges; ja, en Hy het ook gesê dat die regverdiges in sy koninkryk sal sit, om nie meer uit te gaan nie; maar hulle kleding sal wit gemaak word deur die bloed van die Lam.

37 En nou, my geliefde broers, ek wil hê dat julle hierdie dinge moet onthou, en dat julle jul heil moet [a]uitwerk met vrees voor God, en dat julle nie meer die koms van Christus moet loën nie;

38 Dat julle nie langer [a]stry teen die Heilige Gees nie, maar dat julle dit ontvang, en vir julle die [b]Naam van Christus aanneem; dat julle jul verootmoedig tot in die stof, en God [c]aanbid, in watter plek julle ook al mag wees, in gees en in waarheid; en dat julle daagliks in [d]danksegging lewe, vir die baie barmhartighede en seëninge wat Hy aan julle skenk.

39 Ja, en ek vermaan julle ook, my broers, dat julle gedurigdeur [a]waaksaam in die gebed is, sodat julle nie weggelei mag word deur die [b]versoekinge van die duiwel nie, dat hy julle nie mag oorweldig nie, sodat julle nie sy onderdane mag word op die laaste dag nie; want kyk, hy beloon julle [c]geen goeie ding nie.

40 En nou, my geliefde broers, ek wil julle vermaan om [a]geduld te hê, en dat julle allerlei verdrukkinge verdra; dat julle nie diegene [b]beledig wat julle uitwerp vanweë julle uitermatige armoede nie, sodat julle nie sondaars word soos hulle nie;

41 Maar dat julle geduld moet

---

33 *c* Joh. 9:4; L&V 45:17.
*d* GS Dood, Geestelike; Duisternis, Geestelike.
34 *a* Alma 40:13–14.
35 *a* 2 Ne. 28:19–23.
*b* 2 Ne. 9:9.
36 *a* Mosia 2:37; Alma 7:21; Hel. 4:24.
*b* GS Regverdigheid, Regverdig.
37 *a* Filip. 2:12.
38 *a* GS Twis.
*b* Mosia 5:8; Alma 5:38.
*c* GS Aanbid.
*d* Ps. 69:31; L&V 59:7. GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
39 *a* GS Waak, Wagte.
*b* GS Versoek, Versoeking.
*c* Alma 30:60.
40 *a* GS Geduld.
*b* L&V 31:9.

hê, en daardie verdrukkinge verdra, met ′n vaste vertroue dat julle eendag van al jul verdrukkinge sal rus.

## HOOFSTUK 35

*Die prediking van die woord vernietig die bedrog van die Zoramiete—Hulle verban die bekeerlinge, wat dan aansluit by die volk van Ammon in Jerson—Alma treur vanweë die boosheid van die volk. Ongeveer 74 v.C.*

NOU het dit gebeur dat nadat Amulek hierdie woorde klaar gespreek het, het hulle hulself onttrek aan die skare en oorgekom na die land Jerson.

2 Ja, en die res van die broers, nadat hulle die woorde gepreek het aan die Zoramiete, het ook oorgekom na die land Jerson.

3 En dit het gebeur dat nadat die meer invloedryke gedeelte van die Zoramiete met mekaar beraadslaag het aangaande die woorde wat aan hulle gepreek is, was hulle kwaad vanweë die woord, want dit het hulle [a]bedrog vernietig; daarom wou hulle nie ag slaan op die woorde nie.

4 En hulle het gestuur en die hele volk bymekaar gemaak dwarsdeur die hele land, en met hulle beraadslaag aangaande die woorde wat gespreek was.

5 Nou het hulle heersers en hulle priesters en hulle leraars nie die mense laat weet aangaande hulle begeertes nie; daarom het hulle in die geheim uitgevind wat die gedagtes van die hele volk was.

6 En dit het gebeur dat nadat hulle die gedagtes van die hele volk vasgestel het, is diegene wat ten gunste was van die woorde wat gespreek is deur Alma en sy broers, uitgewerp uit die land; en hulle was baie; en hulle het ook na die land Jerson oorgekom.

7 En dit het gebeur dat Alma en sy broers hulle gedien het.

8 Nou was die volk van die Zoramiete vertoornd op die volk van Ammon wat in Jerson was, en die opperheerser van die Zoramiete, omdat hy ′n baie goddelose man was, het na die volk van Ammon oorgestuur en van hulle verlang dat hulle uit hulle land al diegene uitwerp wat van hulle oorgekom het na hulle land toe.

9 En hy het baie dreigemente teen hulle geuiter. En nou het die volk van Ammon nie hulle woorde gevrees nie; daarom het hulle hul nie uitgewerp nie, maar hulle het al die armes van die Zoramiete wat na hulle oorgekom het ontvang; en hulle het hulle [a]versorg, en hulle geklee, en aan hulle grond gegee as hulle erfenis; en hulle het hul gedien volgens hul behoeftes.

10 Nou, dit het die Zoramiete opgestook tot toorn teen die volk van Ammon, en hulle het begin vermeng met die Lamaniete en om hulle ook op te stook tot toorn teen hulle.

11 En so het die Zoramiete en

**35** 3*a* GS Priesterlis. | 9*a* Mosia 4:26. | GS Welsyn.

die Lamaniete begin om voorbereidsels te tref vir oorlog teen die volk van Ammon, en ook teen die Nefiete.

12 En so het die sewentiende jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi geëindig.

13 En die volk van Ammon het vertrek uit die land Jerson, en oorgekom na die land Melek, en het plek gemaak in die land Jerson vir die leërs van die Nefiete, sodat hulle teen die leërs van die Lamaniete en die leërs van die Zoramiete mag veg; en so het 'n oorlog begin tussen die Lamaniete en die Nefiete, in die agtiende jaar van die heerskappy van die regters; en 'n [a]kroniek sal hierna gegee word van hulle oorloë.

14 En Alma, en Ammon, en hulle broers, en ook die twee seuns van Alma het teruggekeer na die land Zarahemla, nadat hulle werktuie was in die hande van God om [a]baie van die Zoramiete te bring tot bekering; en soveel as wat tot bekering gebring is, is uit hulle land uitgedryf; maar hulle het landerye vir hul erfenis in die land Jerson, en hulle het wapens opgeneem om hulself te verdedig, en hulle vroue, en kinders, en hul landerye.

15 Nou Alma, omdat hy bedroef was oor die ongeregtigheid van sy volk, ja, oor die oorloë, en die bloedvergietings, en die twiste wat onder hulle was; en omdat hy die woord verkondig het, of gestuur het om die woord te verkondig onder die hele volk in elke stad; en omdat hy gesien het dat die harte van die volk begin het om hard te word, en dat hulle begin het om [a]aanstoot te neem vanweë die strengheid van die woord, was sy hart uitermate bedroef.

16 Daarom het hy sy seuns bymekaar laat kom, sodat hy aan hulle elkeen sy [a]opdrag mag gee, afsonderlik, aangaande die dinge met betrekking tot regverdigheid. En ons het 'n kroniek van sy bevele, wat hy aan hulle gegee het volgens sy eie kroniek.

---

Die bevele van Alma aan sy seun Helaman.

*Dit behels hoofstukke 36 en 37.*

## HOOFSTUK 36

*Alma getuig aan Helaman van sy bekering nadat hy 'n engel gesien het—Hy het die pyne van 'n verdoemde siel gely; hy het die naam van Jesus aangeroep, en is toe uit God gebore—Soete vreugde het sy siel vervul—Hy het tallose skares engele gesien wat God loof—Baie bekeerlinge het gesmaak en gesien wat hy gesmaak en gesien het. Ongeveer 74 v.C.*

1 My [a]seun, neig jou oor na my woorde; want ek sweer vir jou,

13*a* Alma 43:3.
14*a* Alma 35:6.
15*a* GS Afval.
16*a* GS Rentmeester, Rentmeesterskap.
**36** 1*a* Hel. 5:9–14.

dat in soverre jy die gebooie van God sal onderhou, sal jy voorspoedig wees in die land.

2 Ek wil hê dat jy moet doen soos ek gedoen het, deur te onthou van die slawerny van ons vaders; want hulle was in [a]slawerny, en niemand kon hulle verlos behalwe die [b]God van Abraham, en die God van Isak, en die God van Jakob nie; en Hy het hulle waarlik uit hulle verdrukkinge verlos.

3 En nou, o my seun Helaman, kyk, jy is in jou jeug, en daarom, ek smeek jou dat jy my woorde sal aanhoor en van my leer; want ek weet dat wie ook al hulle vertroue in God sal plaas, sal gesteun word in hulle [a]beproewings, en hul sorge en hul verdrukkinge, en sal op die laaste dag [b]verhef word.

4 En ek wil nie hê dat jy moet dink dat ek dit uit my eie [a]weet nie—nie van die stoflike nie maar van die geestelike, nie van die [b]vleeslike verstand nie maar van God.

5 Nou, kyk, ek sê vir jou, as ek nie uit God [a]gebore was nie, sou ek [b]nie hierdie dinge geweet het nie; maar God het, by monde van sy heilige engel, hierdie dinge bekend gemaak aan my, nie vanweë enige [c]waardigheid van my eie nie.

6 Want ek het rondgegaan saam met die seuns van Mosia, en gesoek om die kerk van God te [a]vernietig; maar kyk, God het sy heilige engel gestuur om ons onderweg te stop.

7 En kyk, Hy het met ons gepraat, asof dit die stem van donder was, en die hele aarde het [a]gebewe onder ons voete; en ons het almal op die aarde neergeval, want die [b]vrees van die Here het oor ons gekom.

8 Maar kyk, die stem het aan my gesê: Staan op. En ek het opgestaan en orentgekom, en die engel gesien.

9 En hy het aan my gesê: As jy uit jouself vernietig wil wees, soek nie meer om die kerk van God te vernietig nie.

10 En dit het gebeur dat ek op die aarde neergeval het; en dit was vir ʼn tydperk van [a]drie dae en drie nagte dat ek nie my mond kon open nie, nóg het ek die gebruik van my ledemate gehad.

11 En die engel het meer dinge met my gespreek, wat gehoor is deur my broers, maar ek het hulle nie gehoor nie; want toe ek die woorde hoor—As jy uit jouself vernietig wil wees, soek nie meer om die kerk van God te vernietig nie—is ek getref met so ʼn groot vrees en verbasing dat ek miskien vernietig sou word, dat ek op die

2*a* Mosia 23:23; 24:17–21.
*b* Ex. 3:6; Alma 29:11.
3*a* Rom. 8:28.
*b* Mosia 23:21–22.
4*a* 1 Kor. 2:11; Alma 5:45–46. GS Kennis.
*b* GS Vleeslik.
5*a* GS Wedergebore, Gebore uit God.
*b* Alma 26:21–22.
*c* GS Waardig, Waardigheid.
6*a* Mosia 27:10.
7*a* Mosia 27:18.
*b* GS Vrees—Vrees vir God.
10*a* Mosia 27:19–23.

aarde neergeval het en niks meer
gehoor het nie.
12 Maar ek is gemartel deur
[a]ewige pyniging, want my siel
was verskeur tot die ergste mate,
en gemartel deur al my sondes.
13 Ja, ek het al my sondes en on-
geregtighede onthou, waaroor ek
[a]gepynig is deur die pyne van die
hel; ja, ek het gesien dat ek teen
my God gerebelleer het, en dat
ek nie sy heilige gebooie onder-
hou het nie.
14 Ja, en ek het baie van sy kin-
ders vermoor, of eerder, weggelei
tot vernietiging ja, en kortom, so
groot was my ongeregtighede ge-
wees, dat die blote gedagte om in
die teenwoordigheid van God te
kom, my siel met onuitspreeklike
verskrikking gemartel het.
15 O, het ek gedink, dat ek [a]ver-
ban kon word en kon ophou be-
staan in beide siel en liggaam, dat
ek nie gebring mag word om in
die teenwoordigheid van my God
te staan om geoordeel te word
volgens my [b]dade nie.
16 En nou, vir drie dae en vir drie
nagte is ek gemartel, en wel met
die pyne van 'n [a]verdoemde siel.
17 En dit het gebeur dat terwyl ek
so gemartel is met pyniging, ter-
wyl ek [a]beangs was deur die her-
innering aan my baie sondes, kyk,
het ek ook onthou dat ek gehoor
het dat my vader geprofeteer het
vir die volk aangaande die koms
van ene Jesus Christus, 'n Seun van
God, om versoening te doen vir die
sondes van die wêreld.
18 Nou, toe my verstand hier-
die gedagte vasgegryp het, het
ek uitgeroep in my hart: O Jesus,
U Seun van God, wees my barm-
hartig, wat [a]in die gal van bitter-
heid verkeer, en omring word
deur die ewigdurende [b]kettings
van die dood.
19 En nou, kyk, toe ek dit dink,
kon ek my pyne nie meer onthou
nie; ja, ek is nie langer [a]verskeur
deur die herinnering aan my son-
des nie.
20 En o, watter [a]vreugde, en
watter wonderlike lig het ek aan-
skou; ja, my siel is vervul met
vreugde so uitermate soos wat
my pyn was!
21 Ja, ek sê vir jou, my seun,
dat daar niks so intens en so bit-
ter kon wees as wat my pyne was
nie. Ja, en weer sê ek aan jou, my
seun, dat daar aan die anderkant
niks so intens en soet kan wees as
wat my vreugde was nie.
22 Ja, ek het gedink ek sien, net
soos ons vader [a]Lehi gesien het,
God op sy troon sit, omring deur
tallose skares engele, in die hou-
ding van sang en lofbetuiging tot
hulle God, ja, en my siel het ge-
smag om daar te wees.
23 Maar kyk, my ledemate het

12*a* L&V 19:11–15.
13*a* GS Skuld.
15*a* Openb. 6:15–17; Alma 12:14.
*b* Alma 41:3; L&V 1:9–10.
16*a* GS Verdoemenis.
17*a* 2 Kor. 7:10.
18*a* DI in uiterste sielswroeging.
*b* 2 Ne. 9:45; 28:22; Alma 12:11; Moses 7:26.
19*a* GS Skuld.
20*a* GS Vreugde.
22*a* 1 Ne. 1:8.

weer hulle [a]krag herwin, en ek het op my voete gestaan, en ek het aan die volk openbaar dat ek uit God [b]gebore is.

24 Ja, en van daardie tyd af tot nou toe het ek gearbei sonder ophou, sodat ek siele mag bring tot bekering, sodat ek hulle mag bring om die uitermate vreugde te [a]smaak waarvan ek gesmaak het; sodat hulle ook gebore mag word uit God, en [b]vervul word met die Heilige Gees.

25 Ja, en nou kyk, o my seun, die Here gee aan my uitermate groot vreugde in die vrug van my arbeid;

26 Want vanweë die [a]woord wat Hy aan my bekend gemaak het, kyk, baie is gebore uit God, en het gesmaak wat ek gesmaak het, en het oog tot oog gesien soos ek gesien het; daarom weet hulle van hierdie dinge waarvan ek gespreek het, soos ek weet; en die kennis wat ek het is van God.

27 En ek is gesteun in beproewings en sorge van elke soort, ja, en in allerlei wyses van verdrukkinge; ja, God het my verlos van die gevangenis, en van bande, en van die dood; ja, en ek plaas my vertroue in Hom en Hy sal my steeds [a]verlos.

28 En ek weet dat Hy my sal [a]opwek op die laaste dag, om by Hom te woon in [b]heerlikheid; ja, en ek sal Hom vir ewig loof, want Hy het ons vaders uit Egipte [c]gebring, en Hy het die [d]Egiptenare verswelg in die Rooi See; en Hy het hulle deur sy krag in die beloofde land ingelei; ja, en Hy het hulle van tyd tot tyd uit slawerny en gevangenskap verlos.

29 Ja, en Hy het ook ons vaders uit die land Jerusalem gebring; en Hy het ook, deur sy ewigdurende krag, hulle uit [a]slawerny en gevangenskap verlos, van tyd tot tyd tot die huidige dag; en ek het altyd hulle slawerny in herinnering gehou; ja, en julle behoort ook hulle slawerny in herinnering te hou, soos ek gedoen het.

30 Maar kyk, my seun, dit is nie al nie; want julle behoort te weet soos ek weet, dat [a]in soverre julle die gebooie van God sal onderhou, julle voorspoedig sal wees in die land; en julle behoort ook te weet, dat in soverre julle nie die gebooie van God sal onderhou nie, julle afgesny sal word van sy teenwoordigheid. Nou dit is volgens sy woord.

## HOOFSTUK 37

*Die plate van brons en ander skrifture word bewaar om siele tot heil te bring—Die Jerediete is vernietig vanweë hulle boosheid—Hulle geheime ede en verbonde moet*

23*a* Moses 1:10.
*b* Alma 5:14.
GS Wedergebore, Gebore uit God.
24*a* 1 Ne. 8:12; Mosia 4:11.
*b* 2 Ne. 32:5; 3 Ne. 9:20.
GS Heilige Gees.
26*a* Alma 31:5.
27*a* Ps. 34:18.
28*a* 3 Ne. 15:1.
*b* GS Heerlikheid.
*c* Ex. 12:51.
*d* Ex. 14:26–27.
29*a* Mosia 24:17; 27:16; Alma 5:5–6.
30*a* 2 Ne. 1:9–11; Alma 50:19–22.

*weggehou word van die volk—Raadpleeg met die Here in al julle dade—Soos wat die Liahona die Nefiete gelei het, so lei die woord van Christus die mense na die ewige lewe. Ongeveer 74 v.C.*

En, nou, my seun Helaman, ek
beveel jou dat jy die [a]kronieke
neem wat aan my [b]toevertrou is;
2 En ek beveel jou ook dat jy ’n
kroniek byhou van hierdie volk,
soos wat ek gedoen het, op die
plate van Nefi, en hou al hier-
die dinge heilig wat ek bewaar
het, net soos ek hulle bewaar het;
want dit is vir ’n [a]wyse doel wat
hulle bewaar word.
3 En hierdie [a]plate van brons
wat hierdie graverings bevat, wat
die kronieke van die heilige skrif-
ture op hulle het, wat die geslags-
register van ons voorvaders het,
en wel vanaf die begin—
4 Kyk, dit is geprofeteer deur
ons vaders dat hulle bewaar moet
word en van een geslag na ’n an-
der oorgedra word, en gehou en
bewaar word deur die hand van
die Here totdat hulle na elke na-
sie, stam, taal en volk sal uitgaan,
dat hulle sal weet van die [a]verbor-
genhede wat daarop is.
5 En nou kyk, as hulle bewaar
word, moet hulle hul glans be-
hou; ja, en hulle sal hulle glans
behou; ja, en so ook sal al die
plate wat dít bevat wat die hei-
lige skrif is.
6 Nou, jy mag veronderstel dat
dit [a]dwaasheid in my is; maar
kyk, ek sê vir jou, dat deur [b]klein
en eenvoudige dingetjies word
groot dinge teweeggebring; en
geringe middele, in baie gevalle,
beskaam die wyses.
7 En die Here God werk deur
[a]middele om sy groot en ewige
voornemens tot stand te bring;
en deur baie [b]geringe middele
beskaam die Here die wyses en
bring die heil van baie siele tot
stand.
8 En nou, dit was tot dusver
wysheid in God dat hierdie dinge
bewaar sou wees; want kyk, hulle
het die geheue van hierdie mense
[a]vergroot, ja, en baie oortuig van
die dwaling van hulle weë, en
hulle gebring tot die kennis van
hulle God tot die heil van hulle
siele.
9 Ja, ek sê vir jou, [a]was dit nie
vir hierdie dinge wat hierdie kro-
nieke bevat wat op hierdie plate
is nie, kon Ammon en sy broers
nie soveel duisende van die La-
maniete [b]oortuig het van die
onjuiste oorlewering van hulle
vaders nie; ja, hierdie kronieke en
hulle [c]woorde het hulle gebring
tot bekering; dit is, hulle het hul

**37** 1*a* Alma 45:2–8.
*b* Mosia 28:20.
2*a* Enos 1:13–18; WvM 1:6–11; Alma 37:9–12.
3*a* 1 Ne. 5:10–19. GS Bronsplate.
4*a* GS Verborgenhede van God.
6*a* 1 Kor. 2:14.
*b* 1 Ne. 16:28–29; L&V 64:33; 123:15–17.
7*a* Jes. 55:8–9.
*b* 2 Kon. 5:1–14.
8*a* 2 Tim. 3:15–17; Mosia 1:3–5.
9*a* Mosia 1:5.
*b* Alma 18:36; 22:12.
*c* GS Evangelie.

gebring tot die kennis van die Here hulle God, en om te jubel in Jesus Christus, hulle Verlosser.
10 En wie weet of hulle nie miskien die middel sal wees om baie duisende van hulle, ja, en ook baie duisende van ons hardnekkige broers, die Nefiete, wat nou hulle harte verhard in sonde en ongeregtighede, te bring tot die kennis van hul Verlosser nie?
11 Nou hierdie verborgenhede is nog nie ten volle bekend gemaak aan my nie; daarom sal ek swyg.
12 En dit mag genoeg wees as ek slegs sê dat hulle bewaar word vir ′n wyse doel, welke doel aan God bekend is; want Hy [a]gee in wysheid raad oor al sy werke, en sy weë is reguit, en sy weg [b]een ewige kringloop.
13 O onthou, onthou, my seun Helaman, hoe [a]streng is die gebooie van God. En Hy het gesê: [b]As julle my gebooie sal onderhou, sal julle [c]voorspoedig wees in die land—maar as julle nie sy gebooie onderhou nie, sal julle afgesny word van sy teenwoordigheid.
14 En nou onthou, my seun, dat God aan jou hierdie dinge [a]toevertrou het, wat [b]heilig is, wat Hy heilig gehou het, en wat Hy ook sal behou en bewaar vir ′n [c]wyse doel in Hom, sodat Hy sy krag aan toekomstige geslagte mag toon.
15 En nou kyk, ek sê vir jou deur die gees van profesie, dat as jy die gebooie van God oortree, kyk, hierdie dinge wat heilig is, sal van jou weggeneem word deur die krag van God, en jy sal uitgelewer word aan Satan, sodat Hy jou kan sif soos kaf voor die wind.
16 Maar as jy die gebooie van God onderhou, en met hierdie dinge wat heilig is doen volgens dit wat die Here jou beveel, (want jy moet ′n beroep doen op die Here vir alle dinge wat jy ook al met hulle moet doen) kyk, geen mag van die aarde of die hel kan hulle van jou [a]wegneem nie, want God is magtig in die vervulling van al sy woorde.
17 Want Hy sal al sy beloftes vervul wat Hy aan jou sal maak, want Hy het sy beloftes vervul wat Hy aan ons vaders gemaak het.
18 Want Hy het aan hulle belowe dat Hy hierdie dinge sou [a]bewaar vir ′n wyse doel in Hom, sodat Hy sy krag mag toon aan toekomstige geslagte.
19 En nou, kyk, een doel het Hy vervul, en wel tot die herstel van [a]baie duisende van die Lamaniete tot die kennis van die waarheid; en Hy het sy krag deur hulle getoon en Hy sal ook steeds sy krag deur hulle toon aan [b]toekomstige geslagte; daarom sal hulle bewaar word.
20 Daarom beveel ek jou, my seun Helaman, dat jy ywerig

12*a* 2 Ne. 9:28; Jakob 4:10.
*b* 1 Ne. 10:19; Alma 7:20.
13*a* 2 Ne. 9:41.
*b* Alma 9:13; 3 Ne. 5:22.
*c* Mosia 1:7; Alma 50:20.
14*a* L&V 3:5.
*b* GS Heilig.
*c* 1 Ne. 9:3–6.
16*a* JS—G 1:59.
18*a* L&V 5:9.
19*a* Alma 23:5.
*b* Enos 1:13; Morm. 7:8–10.

bly in die vervulling van al my woorde, en dat jy ywerig bly in die onderhouding van die gebooie van God, soos hulle geskrywe is.
21 En nou sal ek met jou spreek aangaande daardie [a]vier en twintig plate, dat jy hulle bewaar, sodat die verborgenhede, en die werke van duisternis, en hulle geheime werke, of die [b]geheime werke van daardie volk wat vernietig is, openbaar gemaak mag word aan hierdie volk; ja, al hulle moorde, en rowerye, en hulle geplunder, en al hulle boosheid en gruwels, bekend gemaak mag word aan hierdie volk; ja, en sodat jy hierdie [c]vertolkers bewaar.
22 Want kyk, die Here het gesien dat sy volk begin het om in die duisternis te werk, ja, geheime moorde en gruwels bewerk het; daarom het die Here gesê, as hulle nie bekeer nie, sal hulle vernietig word vanaf die aangesig van die aarde.
23 En die Here het gesê: Ek sal vir my dienskneg Gazelem 'n [a]klip berei, wat in die donker sal skyn soos lig, sodat ek aan my volk wat My dien mag openbaar, dat Ek aan hulle die werke van hulle broers mag openbaar, ja, hulle geheime werke, hulle werke van die duisternis, en hulle boosheid en gruwels.
24 En nou, my seun, hierdie vertolkers is berei sodat die woord van God vervul mag word wat Hy gespreek, en gesê het:
25 Ek sal uit die duisternis al hulle geheime werke en hulle gruwels aan die lig [a]bring; en tensy hulle bekeer, sal Ek hulle [b]vernietig vanaf die aangesig van die aarde; en Ek sal al hulle geheimenisse en gruwels aan die lig bring, aan elke nasie wat hierna die land sal besit.
26 En nou, my seun, ons sien dat hulle nie bekeer het nie; daarom is hulle vernietig, en tot dusver is die woord van God vervul; ja, hulle geheime gruwels is gebring uit die duisternis en aan ons bekend gemaak.
27 En nou, my seun, ek beveel jou dat jy al hulle ede weerhou, en hulle verbonde, en hulle ooreenkomste in hulle geheime gruwels; ja, en al hulle [a]tekens en hulle wonders sal jy weghou van hierdie volk af, sodat hulle hul nie ken nie, sodat hulle miskien in die duisternis verval en ook vernietig word nie.
28 Want kyk, daar is 'n [a]vloek op hierdie land, dat vernietiging oor al daardie werkers van duisternis sal kom, volgens die krag van God, wanneer hulle ten volle ryp is; daarom wil ek nie hê dat hierdie volk vernietig mag word nie.
29 Daarom moet jy hierdie geheime planne van hulle [a]ede en

21*a* Ether 1:1–5.
*b* GS Geheime Organisasies.
*c* GS Urim en Tummim.
23*a* Mosia 8:13.
25*a* L&V 88:108–110.
*b* Mosia 21:26.
27*a* Hel. 6:22.
28*a* Alma 45:16; Ether 2:7–12.
29*a* Hel. 6:25.

hulle verbonde van hierdie volk
af weghou, en net hulle boosheid
en hulle moorde en hulle gruwels
moet jy aan hulle bekendmaak;
en jy moet hulle leer om sulke
boosheid en gruwels en moorde
te [b]verafsku; en jy moet hulle ook
leer dat hierdie volk vernietig is
vanweë hulle boosheid en gru-
wels en hulle moorde.
30 Want kyk, hulle het al die
profete van die Here vermoor
wat onder hulle gekom het om
aan hulle aangaande hulle on-
geregtighede te verklaar; en die
bloed van diegene wat hulle ver-
moor het, het tot die Here hulle
God geroep om wraak op hulle
wat hul moordenaars was; en so
het die oordele van God gekom
op hierdie werkers van duisternis
en geheime organisasies.
31 Ja, en vervloek is die land vir
ewig en ewig vir daardie werkers
van duisternis en geheime orga-
nisasies en wel tot vernietiging,
tensy hulle bekeer voordat hulle
ten volle ryp is.
32 En nou, my seun, onthou die
woorde wat ek met jou gespreek
het; moenie daardie geheime
planne toevertrou aan hierdie
volk nie, maar leer hulle ʼn ewig-
durende [a]haat teen sonde en on-
geregtigheid.
33 [a]Preek aan hulle bekering, en
geloof in die Here Jesus Chris-
tus; leer hulle om hulleself te
verootmoedig en om [b]sagmoe-
dig en nederig van hart te wees;
leer hulle om elke [c]versoeking
van die duiwel te weerstaan,
met hulle geloof in die Here
Jesus Christus.
34 Leer hulle om nooit moeg te
word vir goeie werke nie, maar
om sagmoedig en nederig van
hart te wees; want diesulkes sal
[a]rus vind vir hulle siele.
35 O onthou, my seun, en leer
[a]wysheid in jou jeug; ja, leer in
jou jeug om die gebooie van God
te onderhou.
36 Ja, en [a]roep tot God vir al jou
ondersteuning; ja, laat al jou dade
tot die Here wees, en waar jy ook
al heengaan, laat dit in die Here
wees; ja, laat al jou gedagtes ge-
rig word op die Here, ja, laat die
liefde van jou hart op die Here ge-
plaas wees, vir ewig.
37 [a]Raadpleeg met die Here in
al jou dade, en Hy sal jou ten
goede rig; ja, wanneer jy jou snags
neerlê, lê jou neer in die Here, so-
dat Hy oor jou mag waak in jou
slaap; en wanneer jy in die môre
opstaan, laat jou hart vol [b]dank-
baarheid wees jeens God; en as jy
hierdie dinge doen, sal jy verhef
word op die laaste dag.
38 En nou, my seun, ek het iet-
wat te sê aangaande die ding wat
ons vaders ʼn bal of rigtingwyser
noem—of ons vaders het dit [a]Lia-
hona genoem, dit is, as dit vertaal

29 *b* Alma 13:12.
32 *a* 2 Ne. 4:31.
33 *a* GS Preek.
*b* GS Sagmoedig, Sagmoedigheid.
*c* GS Versoek, Versoeking.
34 *a* Ps. 37:4–7; Matt. 11:28–30.
35 *a* GS Wysheid.
36 *a* GS Gebed.
37 *a* Jakob 4:10; L&V 3:4.
*b* L&V 46:32.
38 *a* 1 Ne. 16:10; 18:12; L&V 17:1.

word ′n kompas; en die Here het
dit berei.
39 En kyk, geen mens kan werk
volgens die wyse van sulke son-
derlinge vakmanskap nie. En kyk,
dit is berei om aan ons vaders die
rigting te wys wat hulle moes reis
in die wildernis.
40 En dit het vir hulle gewerk
volgens hulle [a]geloof in God;
daarom, as hulle geloof gehad
het om te glo dat God daardie
asse in die rigting sou laat wys
wat hulle moes gaan, kyk, dit is
gedoen; daarom het hulle hierdie
wonderwerk gehad, en ook baie
ander wonderwerke wat bewerk-
stellig is deur die krag van God,
dag na dag.
41 Nogtans, omdat daardie
wonderwerke deur [a]geringe mid-
dele bewerkstellig is, het dit aan
hulle wonderbaarlike werke ge-
toon. Hulle was traag, en het ver-
geet om hulle geloof en ywer uit
te oefen, en dan het daardie won-
derwerke opgehou, en hulle het
nie gevorder op hulle reis nie;
42 Daarom het hulle in die
wildernis vertoef, of het nie ′n
direkte koers gereis nie, en is ge-
kwel deur honger en dors, van-
weë hulle oortredings.
43 En nou, my seun, ek wil hê
dat jy moet verstaan dat hier-
die dinge nie sonder ′n vooraf-
skaduwing is nie; want soos ons
vaders traag was om ag te slaan
op hierdie kompas (nou hierdie
dinge was stoflik) het hulle nie
gevorder nie; en net so is dit met
dinge wat geestelik is.
44 Want kyk, dit is net so mak-
lik om gehoor te gee aan die
[a]woord van Christus, wat jou ′n
reguit koers sal aanwys na ewige
geluksaligheid, soos wat dit vir
ons vaders was om ag te slaan op
hierdie kompas, wat hulle ′n reg-
uit koers sou aanwys na die be-
loofde land.
45 En nou sê ek, is daar nie ′n
voorafskaduwing in hierdie ding
nie? Want net so seker as wat
hierdie rigtingwyser ons vaders
na die land van belofte gebring
het deur sy koers te volg, sal die
woorde van Christus, as ons hulle
koers volg, vir ons uitlei ander-
kant hierdie dal van trane na ′n
ver beter land van belofte.
46 O my seun, moenie dat ons
[a]traag wees vanweë die maklik-
heid van die [b]weg nie; want so
was dit met ons vaders; want so
is dit berei vir hulle, dat as hulle
sou kyk, mag hulle [c]lewe; net so
is dit met ons. Die weg is berei, en
as ons sal kyk, mag ons vir ewig
lewe.
47 En nou my seun, sien dat jy
hierdie heilige dinge oppas, ja,
sien dat jy opsien na God en lewe.
Gaan na hierdie volk en verkon-
dig die woord, en wees ernstig.
My seun, vaarwel.

40*a* 1 Ne. 16:28.
41*a* Alma 37:6–7.
44*a* Ps. 119:105;
1 Ne. 11:25;
Hel. 3:29–30.
46*a* 1 Ne. 17:40–41.
*b* Joh. 14:5–6;
2 Ne. 9:41;
31:17–21;
L&V 132:22, 25.
*c* Joh. 11:25;
Hel. 8:15;
3 Ne. 15:9.

Die bevele van Alma aan sy seun Sjiblon.

*Dit behels hoofstuk 38.*

## HOOFSTUK 38

*Sjiblon is vervolg ter wille van regverdigheid—Heil is in Christus wat die lewe en lig van die wêreld is—Beteuel al julle hartstogte. Ongeveer 74 v.C.*

My seun, neig jou oor na my woorde, want ek sê vir jou, net soos ek aan Helaman gesê het, dat in soverre julle die gebooie van God sal onderhou, sal julle voorspoedig wees in die land; en in soverre julle nie die gebooie van God sal onderhou nie, sal julle afgesny word van sy teenwoordigheid.

2 En nou my seun, ek vertrou dat ek groot vreugde in jou sal hê vanweë jou standvastigheid en jou getrouheid aan God; want soos jy in jou jeug begin het om op te sien na die Here jou God, net so hoop ek dat jy sal [a]aanhou om sy gebooie te onderhou, want geseënd is hy wat [b]volhard tot die einde toe.

3 Ek sê vir jou, my seun, dat ek alreeds groot vreugde in jou gehad het vanweë jou getrouheid en jou ywer, en jou geduld en jou lankmoedigheid onder die volk van die [a]Zoramiete.

4 Want ek weet dat jy in boeie was; ja, en ek weet ook dat jy gestenig is ter wille van die woord; en jy het al hierdie dinge verduur met [a]geduld omdat die Here [b]met jou was; en nou weet jy dat die Here jou verlos het.

5 En nou, my seun Sjiblon, ek wil hê dat jy moet onthou, dat tot die mate wat jy jou [a]vertroue in God stel, net soveel sal jy [b]verlos word uit al jou beproewing, en jou [c]sorge en jou verdrukkinge, en jy sal verhef word op die laaste dag.

6 Nou, my seun, ek wil nie hê dat jy moet dink dat ek uit my eie hierdie dinge weet nie, maar dit is die Gees van God wat in my is wat hierdie dinge aan my bekend maak; want as ek nie uit God [a]gebore is nie, sou ek nie hierdie dinge geweet het nie.

7 Maar kyk, die Here het in sy groot barmhartigheid sy [a]engel gestuur om aan my te verkondig dat ek moet ophou met die werk van [b]vernietiging onder sy volk; ja, en ek het 'n engel van aangesig tot aangesig gesien, en hy het met my gespreek, en sy stem was soos die donder, en dit het die hele aarde geskud.

8 En dit het gebeur dat ek drie dae en drie nagte in die bitterste pyn en smart van siel was; en nooit, totdat ek uitgeroep het tot die Here Jesus Christus om

**38** 2*a* Alma 63:1–2.
*b* 2 Ne. 31:15–20; 3 Ne. 15:9; 27:6, 16–17.
3*a* Alma 31:7.
4*a* GS Geduld.
*b* Rom. 8:35–39.
5*a* Alma 36:27. GS Vertrou.
*b* Matt. 11:28–30.
*c* L&V 3:8; 121:7–8.
6*a* Alma 36:26; L&V 5:16. GS Wedergebore, Gebore uit God.
7*a* Mosia 27:11–17.
*b* Alma 26:17–18; 36:6–11.

barmhartigheid, het ek ′n [a]vergifnis ontvang van my sondes nie. Maar kyk, ek het tot Hom geroep en ek het vrede gevind vir my siel.

9 En nou, my seun, ek het jou dit vertel sodat jy wysheid mag leer, sodat jy van my mag leer dat daar [a]geen ander weg of wyse is waardeur ′n mens gered kan word nie, net in en deur Christus. Kyk, Hy is die lewe en die [b]lig van die wêreld. Kyk, Hy is die woord van waarheid en regverdigheid.

10 En nou, soos jy begin het om die woord te leer, net so wil ek hê dat jy moet aanhou om te onderrig; en ek wil hê dat jy ywerig en matig moet wees in alle dinge.

11 Sorg dat jy nie verhef word tot [a]hoogmoed nie; ja, sorg dat jy nie roem in jou eie wysheid, nóg oor jou groot krag.

12 Gebruik vrymoedigheid, maar nie heerssugtigheid nie; en sorg dat jy al jou hartstogte beteuel, sodat jy vervul mag word met liefde; sorg dat jy luiheid vermy.

13 Moenie bid soos die Zoramiete nie, want jy het gesien dat hulle bid om van mense gehoor te word, en om geprys te word vir hulle wysheid.

14 Moenie sê: O God, ek dank U dat ons [a]beter is as ons broers nie; maar sê eerder: O Here, vergewe my [b]onwaardigheid, en onthou my broers in barmhartigheid—ja, erken jou onwaardigheid voor God te alle tye.

15 En mag die Here jou siel seën, en jou ontvang op die laaste dag in sy koninkryk, om in vrede te sit. Nou gaan, my seun, en leer die woord aan hierdie volk. Wees ernstig. My seun, vaarwel.

---

Die bevele van Alma aan sy seun Corianton.

*Dit behels hoofstukke 39 tot 42.*

## HOOFSTUK 39

*Seksuele sonde is ′n gruwel—Corianton se sondes het die Zoramiete weerhou om die woord te ontvang—Christus se verlossing is terugwerkend om die gelowiges te red wat dit voorafgegaan het. Ongeveer 74 v.C.*

En nou, my seun, ek het ietwat meer om te sê vir jou as wat ek aan jou broer gesê het; want kyk, het jy nie die standvastigheid van jou broer waargeneem nie, sy getrouheid, en ywer om die gebooie van God te onderhou nie? Kyk, het hy nie ′n goeie voorbeeld aan jou gestel nie?

2 Want jy het nie soveel aandag gegee aan my woorde as jou broer, onder die volk van die [a]Zoramiete nie. Nou, dit is wat ek teen jou het; jy het aangehou om te roem in jou krag en jou wysheid.

3 En dit is nie al nie, my seun.

8*a* GS Vergifnis van Sondes.
9*a* Hel. 5:9.
*b* Mosia 16:9.
11*a* GS Hoogmoed.
14*a* Alma 31:16.
*b* Lk. 18:10–14.
**39** 2*a* Alma 38:3.

Jy het dit gedoen wat my bedroef
het; want jy het die bediening ver-
laat, en het oorgegaan na die land
Siron, by die grense van die La-
maniete, agter die [a]hoer Isabel
aan.
4 Ja, sy het die harte van baie
[a]weggesteel; maar dit was geen
verskoning vir jou nie, my seun.
Jy moes jou toegewy het aan die
bediening waarmee jy toevertrou
was.
5 Weet jy nie, my seun, dat [a]hier-
die dinge ′n gruwel in die oë van
die Here is nie; ja, meer gruwelik
bo alle sondes behalwe om on-
skuldige bloed te stort of die Hei-
lige Gees te verloën?
6 Want kyk, as jy die Heilige
Gees [a]verloën as dit eenmaal plek
in jou gehad het, en jy weet dat jy
dit verloën, kyk, dit is ′n sonde
wat [b]onvergeeflik is; ja, en wie
ook al moord pleeg teen die lig
en kennis van God, dit is nie mak-
lik vir hom om [c]vergifnis te ver-
kry nie; ja, ek sê vir jou, my seun,
dat dit nie maklik vir hom is om
′n vergifnis te verkry nie.
7 En nou, my seun, ek wou tot
God dat jy nie [a]skuldig was aan
so ′n groot oortreding nie! Ek sou
nie aanhou praat oor jou oortre-
dings nie, om jou siel te verskeur,
as dit nie vir jou beswil was nie.
8 Maar kyk, jy kan nie jou
oortredings van God wegsteek
nie, en tensy jy bekeer, sal hulle
as ′n getuienis teen jou staan op
die laaste dag.
9 Nou my seun, ek wil hê dat jy
moet bekeer en jou sondes ver-
saak, en nie meer agter die [a]be-
geerte van jou oë najaag nie,
maar [b]weerhou jou van al hier-
die dinge; want tensy jy dit doen,
kan jy geensins die koninkryk van
God beërwe nie. O, onthou, en
neem dit op jou, en weerhou jou
van hierdie dinge.
10 En ek beveel jou om dit op jou
te neem om met jou ouer broers te
raadpleeg in jou ondernemings;
want kyk, jy is in jou jeug, en jy
het behoefte daaraan om versorg
te word deur jou broers. En slaan
ag op hulle raad.
11 Laat jouself nie toe om weg-
gelei te word deur enige ydele
of dwase ding nie, laat die dui-
wel nie weer jou hart weglei ag-
ter daardie goddelose hoere aan
nie. Kyk, o my seun, watter groot
ongeregtigheid jy gebring het oor
die [a]Zoramiete; want toe hulle jou
[b]gedrag sien, wou hulle nie in my
woorde glo nie.
12 En nou sê die Gees van die
Here aan my: [a]Beveel jou kinders
om goed te doen, sodat hulle nie
die harte van baie mense weglei
tot vernietiging nie; daarom, ek

3*a* GS Wellus, Wellustigheid.
4*a* Spr. 7:6–27.
5*a* GS Seksuele Onsedelikheid.
6*a* L&V 76:35–36.
*b* GS Onvergeeflike Sonde.
*c* L&V 64:10. GS Vergewe.
7*a* GS Skuld.
9*a* GS Vleeslik.
*b* 3 Ne. 12:30.
11*a* Alma 35:2–14.
*b* Rom. 2:21–23; 14:13; Alma 4:11.
12*a* GS Gebooie van God; Onderrig, Onderwyser.

beveel jou, my seun, in die vrees van God, dat jy jou weerhou van jou ongeregtighede;

13 Dat jy na die Here keer met jou hele verstand, mag en sterkte; dat jy die harte van niemand meer weglei om kwaad te doen nie; maar eerder, keer terug na hulle, en [a]erken jou foute en daardie onreg wat jy gedoen het.

14 [a]Soek nie na rykdom of die ydele dinge van hierdie wêreld nie; want kyk, jy kan hulle nie saam met jou neem nie.

15 En nou, my seun, wil ek ietwat aan jou sê aangaande die koms van Christus: Kyk, ek sê vir jou, dat dit Hy is wat waarlik sal kom om die sondes van die wêreld weg te neem; ja, Hy kom om die blye tyding van heil aan sy volk te verkondig.

16 En nou, my seun, dit was die bediening waartoe jy geroep is, om hierdie blye tyding te verkondig aan hierdie volk, om hulle gemoed voor te berei; of eerder, dat heil vir hulle mag kom, dat hulle die gedagtes van hulle [a]kinders kan voorberei om die woord te hoor ten tye van sy koms.

17 En nou wil ek jou gedagtes ietwat gerusstel oor hierdie saak. Kyk, jy wonder hoekom hierdie dinge so lank voor die tyd bekend sal wees. Kyk, ek sê vir jou, is ′n siel in hierdie tyd nie net so kosbaar vir God as wat ′n siel sal wees ten tye van sy koms nie?

18 Is dit nie net so nodig dat die plan van verlossing bekend gemaak moet word aan hierdie volk sowel as aan hulle kinders nie?

19 Is dit nie net so maklik op hierdie tyd vir die Here om sy engel te stuur om hierdie blye tydings te verkondig aan ons soos aan ons kinders, of soos na die tyd van sy koms nie?

## HOOFSTUK 40

*Christus bring die opstanding van alle mense teweeg—Die regverdige dode gaan na die paradys en die bose na die buitenste duisternis in afwagting van die dag van hul opstanding—Alle dinge sal herstel word tot hulle behoorlike en volmaakte gestalte in die Opstanding. Ongeveer 74 v.C.*

Nou my seun, hier is ietwat meer wat ek aan jou wil sê; want ek gewaar dat jou gemoed bekommerd is aangaande die opstanding van die dode.

2 Kyk, ek sê vir jou, dat daar geen opstanding is nie—of, ek wil sê, met ander woorde, dat hierdie sterflike nie met die [a]onsterflike beklee word nie, hierdie verderflike word nie met die onverganklike [b]beklee nie—[c]tot na die koms van Christus.

3 Kyk, Hy bring die [a]opstanding

13*a* Mosia 27:34–35.
14*a* Matt. 6:25–34; Jakob 2:18–19; L&V 6:6–7; 68:31–32.
16*a* GS Gesin—Ouers se verantwoordelikhede.
**40** 2*a* Mosia 16:10–13. GS Onsterflik, Onsterflikheid.
*b* 1 Kor. 15:53–54.
*c* 1 Kor. 15:20.
3*a* GS Opstanding.

van die dode teweeg. Maar kyk, my seun, die opstanding is nog nie nou nie. Nou, ek ontvou aan jou ′n verborgenheid; nogtans, daar is baie [b]verborgenhede wat [c]bewaar word, sodat niemand hulle ken nie behalwe net God homself. Maar ek toon aan jou een ding wat ek ywerig gevra het van God dat ek mag weet—dit is aangaande die opstanding.

4 Kyk, daar is ′n tyd bepaal wanneer almal sal [a]opstaan uit die dood. Nou wanneer hierdie tyd kom, weet niemand nie; maar God ken die tyd wat bepaal is.

5 Nou, of daar een tyd sal wees, of ′n [a]tweede tyd, of ′n derde tyd, wanneer mense sal opstaan uit die dood, dit maak nie saak nie; want God [b]weet al hierdie dinge; en dit is genoeg vir my om te weet dat dit die geval is—dat daar ′n tyd bepaal is wanneer almal sal opstaan uit die dood.

6 Nou moet daar noodwendig ′n tydperk wees tussen die tyd van die dood en die tyd van die opstanding.

7 En nou wil ek vra wat word van die [a]siele van mense van hierdie tyd van die dood af tot die tyd wat bepaal is vir die opstanding?

8 Nou of daar meer as een tyd bepaal is vir mense om op te staan, dit maak nie saak nie; want almal sterf nie tegelyk nie, en dit maak nie saak nie; alles is soos een dag vir God, en tyd alleen word vir die mens afgemeet.

9 Daarom, daar is ′n tyd bepaal vir die mens wanneer hulle sal opstaan uit die dood; en daar is ′n tydperk tussen die tyd van die dood en die opstanding. En nou, aangaande hierdie tydperk, wat van die siele van mense word is die saak wat ek ywerig van die Here gevra het om te weet; en dit is die ding waarvan ek weet.

10 En wanneer die tyd kom wanneer almal sal opstaan, dan sal hulle weet dat God al die [a]tye ken wat vir die mens bepaal is.

11 Nou, aangaande die toestand van die siel tussen die [a]dood en die opstanding—Kyk, dit is aan my bekend gemaak deur ′n engel, dat die geeste van alle mense, sodra hulle uit hierdie sterflike liggaam vertrek het, ja, die geeste van alle mense, of hulle goed of boos is, word [b]huis toe geneem na daardie God wat hulle lewe gegee het.

12 En dan sal dit gebeur dat die geeste van diegene wat regverdig is, ontvang word in ′n toestand van [a]geluk, wat die [b]paradys genoem word, ′n toestand van [c]rus, ′n toestand van [d]vrede, waar hulle sal rus van al hulle moeite en van alle sorge en droefheid.

3 *b* GS Verborgenhede van God.
*c* L&V 25:4; 124:41.
4 *a* Joh. 5:28–29.
5 *a* Mosia 26:24–25; L&V 43:18; 76:85.
*b* GS God, Godheid.
7 *a* Alma 40:21; L&V 138. GS Siel.
10 *a* Hand. 17:26.
11 *a* Lk. 16:22–26; 1 Petr. 3:18–19; 4:6; L&V 76:71–74; 138.
*b* Pred. 12:7; 2 Ne. 9:38.
12 *a* GS Vreugde.
*b* GS Paradys.
*c* GS Rus.
*d* L&V 45:46. GS Vrede.

13 En dan sal dit gebeur, dat die geeste van die bose, ja, wat boos is—want kyk, hulle het geen deel of porsie van die Gees van die Here nie; want kyk, hulle het bose werke verkies eerder as die goeie; daarom het die gees van die duiwel in hulle ingegaan, en besit geneem van hulle huis—en diesulkes sal uitgewerp word in die [a]buitenste duisternis; daar sal [b]geween wees, en gehuil, en gekners van tande, en dit vanweë hulle eie ongeregtigheid, omdat hulle gevange weggevoer word deur die wil van die duiwel.

14 Nou, dit is die toestand van die siele van die [a]bose, ja, in duisternis, en ′n toestand van verskriklike, [b]vreesaanjaende verwagting van die vurige verontwaardiging van die toorn van God oor hulle; dus bly hulle in hierdie [c]toestand, sowel as die regverdiges in die paradys, tot die tyd van hulle opstanding.

15 Nou, daar is sommiges wat verstaan het dat hierdie toestand van geluk en hierdie toestand van ellende van die siel, voor die opstanding, ′n eerste opstanding was. Ja, ek gee toe, dit mag′n opstanding genoem word, die opwekking van die gees of die siel, en hulle toewysing tot geluk of ellende, volgens die woorde wat gespreek is.

16 En kyk, weer is dit gespreek, dat daar ′n [a]eerste [b]opstanding is, ′n opstanding van al diegene wat was, of wat is, of wat sal wees, tot by die opstanding van Christus uit die dood.

17 Nou, ons veronderstel nie dat hierdie eerste opstanding, waarvan op hierdie wyse gespreek is, die opstanding van die siele kan wees en hulle [a]toewysing tot geluk of ellende nie. Jy kan nie veronderstel dat dit is wat dit beteken nie.

18 Kyk, ek sê vir jou, Nee; maar dit beteken die hereniging van die siel met die liggaam, van diegene vanaf die dae van Adam, tot by die [a]opstanding van Christus.

19 Nou, of die siele en die liggame van diegene van wie gespreek is almal gelyktydig verenig sal word, die bose sowel as die regverdiges, sê ek nie; laat dit genoeg wees, as ek sê dat hulle almal sal opstaan; of met ander woorde, hulle opstanding geskied [a]voor die opstanding van diegene wat sterf na die opstanding van Christus.

20 Nou, my seun, ek sê nie dat hulle opstanding kom tydens die opstanding van Christus nie; maar kyk, ek gee dit as my mening, dat die siele en die liggame van die regverdiges herenig word, tydens die opstanding van Christus en sy [a]opvaart na die hemel.

21 Maar of dit is by sy opstanding

13 *a* GS Hel.
*b* Matt. 8:12; Mosia 16:2.
14 *a* L&V 138:20.
*b* Jakob 6:13; Moses 7:1.
*c* Alma 34:34.
16 *a* Jakob 4:11; Mosia 15:21–23.
*b* GS Opstanding.
17 *a* L&V 76:17, 32, 50–51.
18 *a* Matt. 27:52–53.
19 *a* Mosia 15:26.
20 *a* GS Hemelvaart.

of daarna, sê ek nie; maar dit sê ek wel, dat daar ʼn [a]tydperk is tussen die dood en die opstanding van die liggaam, en ʼn toestand van die siel in [b]geluk of in [c]ellende tot die tyd wat bepaal is deur God wanneer die dode sal opstaan, en herenig sal word, beide siel en liggaam, en [d]gebring sal word om voor God te staan, en geoordeel te word volgens hulle werke.

22 Ja, dit bring die herstelling van daardie dinge waarvan gespreek is by monde van die profete teweeg.

23 Die [a]siel sal [b]herstel word tot die [c]liggaam, en die liggaam tot die siel; ja, en elke ledemaat en gewrig sal herstel word tot sy liggaam; ja, selfs nie ʼn haar van die hoof sal verlore gaan nie; maar alle dinge sal herstel word tot hulle behoorlike en volmaakte gestalte.

24 En nou, my seun, dit is die herstelling waarvan [a]gespreek is by monde van die profete—

25 En dan sal die regverdiges skitter in die koninkryk van God.

26 Maar kyk, ʼn vreeslike [a]dood kom oor die bose; want hulle sterwe ten opsigte van dinge wat betrekking het op die dinge van regverdigheid; want hulle is onrein, en geen [b]onrein ding kan die koninkryk van God beërwe nie; maar hulle word uitgewerp, en toegewys om deel te hê aan die vrugte van hulle arbeid of hulle werke, wat boos was; en hulle drink die droesem van ʼn bitter kelk.

## HOOFSTUK 41

*In die Opstanding staan mense op tot ʼn toestand van eindelose geluk of eindelose ellende—Boosheid was nooit geluk nie—Vleeslike mense is sonder God in die wêreld—Elke persoon ontvang weer die karaktereienskappe en kenmerke verwerf tydens sterflikheid in die Herstelling. Ongeveer 74 v.C.*

En nou, my seun, ek het ietwat te sê oor die herstelling waarvan gespreek is; want kyk, sommige het die skrifture [a]verdraai, en het ver [b]afgedwaal vanweë hierdie ding. En ek merk dat jou gemoed ook bekommerd was aangaande hierdie ding. Maar kyk, ek sal dit aan jou verduidelik.

2 Ek sê vir jou, my seun, dat die plan van herstelling noodsaaklik is volgens die geregtigheid van God; want dit is noodsaaklik dat alle dinge herstel moet word tot hulle juiste orde. Kyk, dit is noodsaaklik en regverdig, volgens die krag en die opstanding van Christus, dat die siel van die mens herstel moet word tot sy liggaam, en dat elke [a]deel van die liggaam herstel moet word tot sy eie.

21 *a* Lk. 23:39–43.
*b* GS Paradys.
*c* GS Hel.
*d* Alma 42:23.
23 *a* DI gees. L&V 88:15–17. GS Siel.
*b* 2 Ne. 9:12–13; Alma 11:40–45.
*c* GS Liggaam.
24 *a* Jes. 26:19.
26 *a* 1 Ne. 15:33; Alma 12:16.
*b* Alma 11:37.
**41** 1 *a* 2 Petr. 1:20; 3:16; Alma 13:20.
*b* GS Afval.
2 *a* Alma 40:23.

3 En dit is noodsaaklik volgens die [a]geregtigheid van God dat mense [b]geoordeel moet word volgens hulle [c]werke; en as hulle werke goed was in hierdie lewe, en die begeertes van hulle harte was goed, dat hulle ook, op die laaste dag, [d]herstel word tot dit wat goed is.

4 En as hulle werke boos is, sal dit tot hulle [a]herstel word ten kwade. Daarom, alle dinge sal herstel word tot hulle behoorlike orde, elke ding tot sy natuurlike gestalte—die [b]sterflikheid opgewek tot die onsterflikheid, [c]verganklikheid tot onverganklikheid—opgewek tot [d]eindelose geluk om die koninkryk van God te beërwe, of tot eindelose ellende om die koninkryk van die duiwel te beërwe, die een aan die een kant, die ander aan die ander—

5 Die een opgewek tot geluk volgens sy begeertes vir geluk, of die goeie volgens sy begeertes tot die goeie; en die ander tot die boosheid volgens sy begeertes vir boosheid; want soos hy begeer het om die hele dag lank boosheid te doen, net so sal hy sy beloning hê van boosheid wanneer die nag kom.

6 En so is dit aan die ander kant. As hy bekeer het van sy sondes, en regverdigheid begeer het tot die einde van sy dae, net so sal hy beloon word vir regverdigheid.

7 [a]Hierdie is hulle wat verlos word deur die Here; ja, hierdie is hulle wat losgemaak word, wat bevry word van die eindelose nag van duisternis; en so staan of val hulle; want kyk, hulle is hul [b]eie regters, hetsy om goed of kwaad te doen.

8 Nou, die bevele van God is [a]onveranderlik; daarom, die weg is berei dat wie ook al wil, daarin mag wandel en gered word.

9 En nou, kyk, my seun, moenie nog ′n [a]oortreding waag teen jou God ten opsigte van daardie punte van leerstellings, wat jy tot dusver gewaag het om te sondig nie.

10 Moenie veronderstel, omdat daar gespreek is aangaande herstelling, dat jy herstel sal word van die sonde tot geluk nie. Kyk, ek sê vir jou, [a]boosheid was nooit geluk nie.

11 En nou, my seun, alle mense wat in ′n [a]natuurlike toestand is, of ek sou sê, in ′n [b]vleeslike toestand, is in die gal van bitterheid en in die bande van ongeregtigheid; hulle is [c]sonder God in die wêreld, en hulle het teen die natuur van God gegaan; daarom,

3 *a* GS Geregtigheid.
*b* GS Regter, Oordeel; Toerekenbaar, Toerekenbaarheid.
*c* GS Werke.
*d* Hel. 14:31.
4 *a* Alma 42:28.
*b* 2 Ne. 9:12–13; L&V 138:17. GS Opstanding.
*c* 1 Kor. 15:51–55.
*d* GS Ewige Lewe.
7 *a* L&V 76:50–70.
*b* 2 Ne. 2:26; Alma 42:27; Hel. 14:30. GS Handelingsmag.
8 *a* L&V 1:38.
9 *a* L&V 42:23–28.
10 *a* Ps. 32:10; Jes. 57:20–21; Hel. 13:38.
11 *a* Mosia 3:19. GS Natuurlike Mens.
*b* GS Vleeslik.
*c* Efés. 2:12.

hulle is in ʼn toestand teenstrydig met die aard van geluk.

12 En nou, kyk, is die betekenis van die woord herstelling om ʼn ding in sy natuurlike toestand te neem en dit te plaas in ʼn onnatuurlike toestand, of om dit te plaas in ʼn toestand teenoorgesteld van sy natuur?

13 O, my seun, dit is nie die geval nie; maar die betekenis van die woord herstelling is om weer boos tot boos, vleeslik tot vleeslik, of die duiwelse tot die duiwelse terug te bring, goed tot dit wat goed is; regverdig tot dit wat regverdig is; die geregtigheid tot dit wat geregtig is; barmhartigheid tot dit wat barmhartig is.

14 Daarom, my seun, sorg dat jy barmhartig is teenoor jou broers; handel met [a]geregtigheid, [b]oordeel regverdiglik, en [c]doen altyddeur goed; en as jy al hierdie dinge doen, dan sal jy jou beloning ontvang; ja, jy sal weer [d]barmhartigheid aan jou herstel hê; jy sal weer geregtigheid aan jou herstel hê; jy sal weer ʼn regverdige oordeel aan jou herstel hê; en jy sal weer die goeie aan jou vergoed hê.

15 Want dit wat jy uitstuur, sal weer terugkeer tot jou, en herstel word; daarom, die woord herstelling veroordeel die sondaar nog meer, en regverdig hom glad nie.

## HOOFSTUK 42

*Sterflikheid is ʼn proeftydperk om die mens in staat te stel om te bekeer en God te dien—Die Val het die tydelike en geestelike dood oor die hele mensdom gebring—Verlossing kom deur bekering—God self doen versoening vir die sondes van die wêreld—Barmhartigheid is vir diegene wat bekeer—Alle ander is onderhewig aan God se geregtigheid—Barmhartigheid kom vanweë die Versoening—Slegs die ware bekeerdes word gered. Ongeveer 74 v.C.*

En nou, my seun, ek merk dat daar ietwat meer is wat jou gemoed verontrus, wat jy nie kan verstaan nie—wat aangaande die [a]geregtigheid van God ten opsigte van die bestraffing van die sondaar is; want jy probeer om te veronderstel dat dit onregverdig is dat die sondaar toegewys moet word tot ʼn toestand van ellende.

2 Nou kyk, my seun, ek sal hierdie ding aan jou verduidelik. Want kyk, nadat die Here God ons eerste ouers [a]uitgestuur het uit die tuin van [b]Eden, om die grond te bewerk waarvandaan hulle geneem is—ja, Hy het die mens uitgeneem, en Hy het aan die oostekant van die tuin van Eden [c]gérubs geplaas, en ʼn vlammende swaard wat in elke rigting

14 *a* GS Eerlik, Eerlikheid.
*b* Joh. 7:24; L&V 11:12.
*c* L&V 6:13; 58:27–28.
*d* GS Barmhartig, Barmhartigheid.

**42** 1 *a* 2 Ne. 26:7; Mosia 15:26–27. GS Geregtigheid.

2 *a* Gén. 3:23–24; Moses 4:28–31.
*b* GS Eden.
*c* GS Gérubs.

gedraai het, om die [d]boom van die lewe te bewaak—

3 Nou, ons sien dat die mens soos God geword het, omdat hy goed en kwaad ken; en sodat hy nie sy hand sou uitsteek, en ook van die boom van die lewe neem, en eet en vir ewig lewe nie, het die Here God gérubs en die vlammende swaard geplaas, sodat hy nie van die vrugte sou eet nie—

4 En so sien ons, dat daar aan die mens ′n tyd gegun is om te bekeer, ja, ′n [a]proeftydperk, ′n tyd om te bekeer en God te dien.

5 Want kyk, as Adam dadelik sy hand uitgesteek het en van die boom van die lewe geëet het, sou hy vir ewig gelewe het, volgens die woord van God, omdat hy geen tyd gehad het vir bekering nie; ja, en ook die woord van God sou vergeefs gewees het, en die groot heilsplan sou verydel gewees het.

6 Maar kyk, dit was vir die mens bepaal om te [a]sterwe—daarom, soos hulle afgesny was van die boom van die lewe sou hulle afgesny word van die aangesig van die aarde—en die mens het vir ewig verlore geword, ja, hulle het [b]gevalle mense geword.

7 En nou, jy sien hieruit dat ons eerste ouers [a]afgesny was beide stoflik en geestelik van die teenwoordigheid van die Here; en so sien ons dat hulle onderworpe geword het aan hulle eie [b]wil;

8 Nou kyk, dit was nie raadsaam dat die mens herwin sou word van hierdie stoflike dood nie, want dit sou die groot [a]plan van geluk vernietig het.

9 Daarom, omdat die siel nooit kon sterwe nie, en die [a]val oor die hele mensdom ′n geestelike dood sowel as ′n stoflike gebring het, dit is, hulle is afgesny van die teenwoordigheid van die Here, daarom was dit raadsaam dat die mensdom herwin moes word van hierdie geestelike dood.

10 Daarom, omdat hulle [a]vleeslik, wellustig en duiwels van [b]aard geword het, het hierdie [c]proeftoestand ′n toestand geword vir hulle om voor te berei; dit het ′n voorbereidende toestand geword.

11 En nou, onthou my seun, as dit nie vir die plan van verlossing was nie (deur dit tersyde te lê) sodra hulle dood was, sou hulle siele [a]ellendig wees, omdat hulle afgesny sou gewees het van die teenwoordigheid van die Here.

12 En nou, daar was geen wyse om mense te herwin uit hierdie gevalle toestand nie, wat die mens oor homself gebring het vanweë sy eie ongehoorsaamheid;

2 *d* Gén. 2:9.
4 *a* Alma 34:32–33.
6 *a* GS Dood, Fisiese.
*b* Mosia 16:3–5. GS Val van Adam en Eva.
7 *a* 2 Ne. 2:5; 9:6; Hel. 14:16. GS Dood, Geestelike.
*b* GS Handelingsmag.
8 *a* Alma 34:9; Moses 6:62.
9 *a* GS Val van Adam en Eva.
10 *a* GS Vleeslik.
*b* GS Natuurlike Mens.
*c* GS Sterflik, Sterflikheid.
11 *a* 2 Ne. 9:7–9.

13 Daarom, volgens geregtigheid, kon die [a]plan van verlossing nie verwesenlik word nie, behalwe op voorwaardes van [b]bekering van die mens in hierdie toetsing; ja, hierdie voorbereidende toestand; want tensy dit vir hierdie voorwaardes was, kon barmhartigheid nie van krag wees nie, tensy dit die werk van geregtigheid sou vernietig. Nou kon die werk van geregtigheid nie vernietig word nie; indien wel, sou God [c]ophou om God te wees.

14 En so sien ons dat die hele mensdom [a]gevalle was, en hulle was in die greep van [b]geregtigheid, ja, die geregtigheid van God, wat hulle toegewys het om vir ewig afgesny te word van sy teenwoordigheid.

15 En nou, die plan van barmhartigheid kon nie teweeg gebring word nie, behalwe as ʼn versoening gedoen sou word; daarom [a]versoen God self vir die sondes van die wêreld, om die plan van [b]barmhartigheid teweeg te bring, om die eise van [c]geregtigheid te bevredig, sodat God ʼn [d]volmaakte, regverdige God, en ʼn barmhartige God, ook mag wees.

16 Nou, bekering kon nie tot mense kom tensy daar ʼn straf was nie, wat ook [a]ewig was soos die lewe van die siel moet wees, gekoppel in teenstelling met die plan van geluk, wat ook so ewig was soos die lewe van die siel.

17 Nou, hoe kon ʼn mens bekeer tensy hy sou [a]sondig? Hoe kon hy sondig as daar geen [b]wet was nie? Hoe kon daar ʼn wet wees tensy daar ʼn straf was?

18 Nou, daar was ʼn straf gekoppel, en ʼn regverdige wet gegee, wat berou van [a]gewete vir die mens gebring het.

19 Nou, as daar geen wet gegee was nie—as ʼn mens [a]gemoor het, moes hy sterwe—sou hy vrees dat hy sou sterwe as hy sou moord pleeg?

20 En ook, as daar geen wet gegee was teen sonde nie, sou mense nie bang gewees het om te sondig nie.

21 En as daar [a]geen wet gegee was as mense gesondig het nie, wat kon geregtigheid doen, of barmhartigheid, want hulle sou geen aanspraak hê op die skepsel nie?

22 Maar daar is ʼn wet gegee, en ʼn straf gekoppel, en ʼn [a]bekering gegun; welke bekering aanspraak maak op barmhartigheid; anders maak geregtigheid aanspraak op die skepsel en voer die wet uit en die wet pas die straf toe; indien nie, sou die werke van

13*a* GS Plan van Verlossing.
*b* GS Bekeer, Bekering.
*c* 2 Ne. 2:13–14.
14*a* Alma 22:13–14.
*b* 2 Ne. 2:5.
15*a* 2 Ne. 9:7–10; Mosia 16:7–8. GS Versoen, Versoening.
*b* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
*c* GS Geregtigheid.
*d* 3 Ne. 12:48.
16*a* L&V 19:10–12.
17*a* GS Sonde.
*b* Rom. 4:15.
18*a* GS Gewete.
19*a* GS Moord.
21*a* 2 Ne. 9:25–26; Mosia 3:11.
22*a* GS Bekeer, Bekering.

geregtigheid vernietig word, en
God sou ophou om God te wees.
23 Maar God hou nie op om
God te wees nie, en [a]barmhartig-
heid maak aanspraak op die be-
keerdes, en barmhartigheid kom
vanweë die [b]versoening; en die
versoening bring die opstanding
van die dode teweeg; en die [c]op-
standing van die dode bring
mense [d]terug in die teenwoordig-
heid van God; en so word hulle
herstel tot sy teenwoordigheid,
om [e]geoordeel te word volgens
hulle werke, volgens die wet en
geregtigheid.
24 Want kyk, die geregtigheid
laat geld al sy eise, en genade
maak ook aanspraak op alles wat
haar eie is; en dus word niemand
behalwe die ware bekeerdes ge-
red nie.
25 Wat, veronderstel jy dat
barmhartigheid [a]geregtigheid
kan berowe? Ek sê vir jou, Nee,
nie die geringste nie. Indien wel,
sou God ophou om God te wees.
26 En so bring God sy groot
en ewige [a]doelstellings teweeg,
wat berei is [b]vanaf die grondleg-
ging van die wêreld. En so kom
die heil en die verlossing van die
mense tot stand, en ook hulle ver-
nietiging en ellende.
27 Daarom, o my seun, [a]wie
ook al wil kom, mag kom en vry-
elik drink van die waters van die
lewe; en wie ook al nie wil kom
nie, hy word nie gedwing om te
kom nie; maar op die laaste dag
sal dit aan hom [b]herstel word vol-
gens sy [c]dade.
28 As hy begeer het om [a]boos-
heid te doen, en nie bekeer het in
sy dae nie, kyk, boosheid sal aan
hom gedoen word, volgens die
herstelling van God.
29 En nou, my seun, ek wil hê
dat hierdie dinge jou nie meer
moet verontrus nie, en laat net jou
sondes jou verontrus, met daar-
die verontrusting wat jou tot be-
kering sal bring.
30 O my seun, ek wil hê dat jy
nie langer die geregtigheid van
God moet loën nie. Moenie pro-
beer om jouself te verontskuldig
op die geringste punt vanweë jou
sondes, deur die geregtigheid van
God te loën nie; maar laat die ge-
regtigheid van God en sy barm-
hartigheid, en sy lankmoedigheid
jou hart ten volle beheers; en laat
dit jou afbring tot die stof in [a]ver-
ootmoediging.
31 En nou, o my seun, jy word
geroep deur God om die woord
aan hierdie volk te preek. En nou,
my seun, gaan voort, verkondig
die woord met waarheid en erns,

23 *a* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
*b* GS Versoen, Versoening.
*c* 2 Ne. 2:8; 9:4; Alma 7:12; 11:41–45; 12:24–25; Hel. 14:15–18; Morm. 9:13.
*d* Alma 40:21–24.
*e* GS Oordeel, Die Laaste.
25 *a* GS Geregtigheid.
26 *a* 2 Ne. 2:14–30; Moses 1:39.
*b* Alma 13:3; 3 Ne. 1:14.
27 *a* Alma 5:34; Hel. 14:30. GS Handelingsmag.
*b* Alma 41:15.
*c* Jes. 59:18; Openb. 20:12.
28 *a* Alma 41:2–5.
30 *a* GS Nederig, Nederigheid.

sodat jy siele tot bekering mag bring, sodat die groot plan van barmhartigheid sy aanspraak op hulle mag hê. En mag God aan jou gun, en wel volgens my woorde. Amen.

## HOOFSTUK 43

*Alma en sy seuns preek die woord—Die Zoramiete en ander Nefitiese afgeskeidenes word Lamaniete—Die Lamaniete kom teen die Nefiete in oorlog te staan—Moroni bewapen die Nefiete met beskermende wapenrusting—Die Here openbaar aan Alma die strategie van die Lamaniete—Die Nefiete verdedig hul huise, vryhede, gesinne en godsdiens—Die leërs van Moroni en Lehi omsingel die Lamaniete. Ongeveer 74 v.C.*

En nou het dit gebeur dat die seuns van Alma uitgegaan het onder die mense om die woord te verkondig aan hulle. En Alma, ook, kon self nie rus nie, en hy het ook uitgegaan.

2 Nou sal ons niks meer sê aangaande hulle prediking nie, behalwe dat hulle die woord gepreek het, en die waarheid, volgens die gees van profesie en openbaring; en hulle het gepreek volgens die [a]heilige orde van God, waardeur hulle geroep is.

3 En nou keer ek terug na 'n kroniek van die oorloë tussen die Nefiete en die Lamaniete, in die agtiende jaar van die heerskappy van die regters.

4 Want kyk, dit het gebeur dat die [a]Zoramiete Lamaniete geword het; daarom, aan die begin van die agtiende jaar het die volk van die Nefiete gesien dat die Lamaniete op hulle afkom; daarom het hulle voorbereidings gemaak vir oorlog; ja, hulle het hul leërs bymekaargemaak in die land Jerson.

5 En dit het gebeur dat die Lamaniete gekom het met hulle duisende, en hulle het gekom in die land Antionum, wat die land is van die Zoramiete; en 'n man met die naam van Zerahemna was hulle leier.

6 En nou, omdat die Amalekiete 'n goddeloser en moorddadiger geaardheid gehad het as die Lamaniete, in en van hulself, daarom het Zerahemna hoofkapteins aangestel oor die Lamaniete, en hulle was almal Amalekiete en Zoramiete.

7 Nou, dit het hy gedoen sodat hy hulle haat in stand mag hou teen die Nefiete, sodat hy hulle kon bring tot onderdanigheid ter bereiking van sy voornemens.

8 Want kyk, sy voornemens was om die Lamaniete op te stook tot toorn jeens die Nefiete; dit het hy gedoen sodat hy groot mag oor hulle mag toe-eien, en ook sodat hy mag oor die Nefiete mag verkry deur hulle na slawerny te bring.

9 En nou was die voornemens van die Nefiete om hulle landerye te versterk, en hulle huise, en

**43** 2*a* GS Melgisédekse Priesterskap.

4*a* Alma 35:2–14; 52:33.

hulle [a]vroue, en hulle kinders, sodat hulle hul uit die hande van hulle vyande mag hou; en ook sodat hulle hul regte en voorregte mag bewaar, ja, en ook hulle [b]vryheid, sodat hulle God mag aanbid volgens hulle begeertes.

10 Want hulle het geweet dat as hulle in die hande van die Lamaniete sou val, dat wie ook al God sou [a]aanbid in [b]gees en in waarheid, die ware en die lewende God, die Lamaniete sou vernietig.

11 Ja, en hulle het ook die uitermate haat van die Lamaniete jeens hulle [a]broers geken, wat die volk van Anti-Nefi-Lehi was, wat die volk van Ammon genoem is—en hulle wou nie wapens opneem nie, ja, hulle het ʹn verbond gesluit en hulle wou dit nie verbreek nie—daarom, as hulle in die hande van die Lamaniete sou val, sou hulle vernietig word.

12 En die Nefiete wou nie toelaat dat hulle vernietig sou word nie; daarom het hulle aan hulle grond gegee vir hul erfenis.

13 En die volk van Ammon het aan die Nefiete ʹn groot deel van hulle besittings gegee om hulle leërs in stand te hou; en dus was die Nefiete verplig, alleen, om die Lamaniete te weerstaan, wat ʹn vermenging was van Laman en Lemuel, en die seuns van Ismael, en al diegene wat afvallig geword het van die Nefiete, wat Amalekiete en Zoramiete was, en die [a]afstammelinge van die priesters van Noag.

14 Nou was daardie afstammelinge talryk, byna soos wat die Nefiete was; en daarom was die Nefiete verplig om teen hulle broers te veg, en wel tot bloedvergieting toe.

15 En dit het gebeur omdat die leërs van die Lamaniete bymekaar gekom het in die land Antionum, kyk, die leërs van die Nefiete was gereed om hulle te ontmoet in die land Jerson.

16 Nou, die leier van die Nefiete, of die man wat aangestel was om die hoofkaptein oor die Nefiete te wees—nou het die hoofkaptein die bevel geneem van al die leërs van die Nefiete—en sy naam was Moroni;

17 En Moroni het algehele bevel geneem, en die bestuur van hulle oorloë. En hy was net vyf en twintig jaar oud toe hy aangestel is as hoofkaptein oor die leërs van die Nefiete.

18 En dit het gebeur dat hy die Lamaniete op die grense van Jerson ontmoet het en sy volk was bewapen met swaarde, en met sabels, en allerhande wapens van oorlog.

19 En toe die leërs van die Lamaniete sien dat die volk van Nefi, of eerder dat Moroni, sy volk voorberei het met borsplate en met armbeskuttings, ja, en ook beskuttings om hulle hoofde te

9*a* Alma 44:5; 46:12.
*b* GS Vry, Vryheid.
10*a* GS Aanbid.
*b* Joh. 4:23–24.
11*a* Alma 24:1–3, 5, 20; 25:1, 13; 27:2, 21–26.
13*a* Alma 25:4.

beskerm, en ook was hulle geklee
in dik klere—
20 Nou was die leër van Zera-
hemna nie voorbereid met enig-
iets van die aard nie; hulle het net
hul swaarde en hul sabels gehad,
hul boë en hul pyle, hul klippe en
hul slingers; en hulle was [a]naak,
behalwe vir ′n vel wat om hulle
lendene omgord was; ja, almal
was naak, behalwe die Zoramiete
en die Amalekiete;
21 Maar hulle was nie bewapen
met borsplate nie, nóg skilde—
daarom, hulle was uitermate
bevrees vir die leërs van die Ne-
fiete vanweë hulle wapenrusting,
nieteenstaande hulle getalle so-
veel groter was as dié van die
Nefiete.
22 Kyk, nou het dit gebeur dat
hulle nie gewaag het om teen die
Nefiete op te trek in die grense
van Jerson nie; daarom het hulle
vertrek uit die land Antionum na
die wildernis, en rondom in die
wildernis gereis, tot by die oor-
sprong van die Sidon-rivier, sodat
hulle in die land Manti mag kom
en besit neem van die land; want
hulle het nie veronderstel dat die
leërs van Moroni sou weet waar-
heen hulle gegaan het nie.
23 Maar dit het gebeur, na-
dat hulle die wildernis binnege-
trek het, het Moroni spioene in
die wildernis ingestuur om hulle
kamp dop te hou; en Moroni,
ook, omdat hy geweet het van
die profesieë van Alma, het se-
kere manne na hom gestuur, om
hom te vra dat hy van die Here
moes verneem [a]waarheen die
leërs van die Nefiete moes gaan
om hulleself te verdedig teen die
Lamaniete.
24 En dit het gebeur dat die
woord van die Here tot Alma ge-
kom het, en Alma het die bood-
skappers van Moroni meegedeel
dat die leërs van die Lamaniete
in die wildernis rondom marsjeer
sodat hulle mag oorkom na die
land Manti, sodat hulle ′n aanval
mag begin op die swakker deel
van die volk. En daardie bood-
skappers het gegaan en die bood-
skap aan Moroni gelewer.
25 Nou Moroni, nadat hy ′n
deel van sy leër agtergelaat het
in die land Jerson, uit vrees dat ′n
deel van die Lamaniete op enige
wyse daardie land sou binnekom
en die stad inneem, het die orige
deel van sy leër geneem en na die
land Manti gemarsjeer.
26 En hy het al die mense in
daardie gedeelte van die land
laat bymekaarkom om oorlog te
voer teen die Lamaniete, om hulle
grond, en hulle land, hulle regte
en vryhede te [a]verdedig; daarom
was hulle voorbereid vir die koms
van die Lamaniete.
27 En dit het gebeur dat Moroni
sy leër laat verskuil het in die val-
lei wat naby die wal van die rivier
Sidon was, wat aan die westekant
van die Sidon-rivier was in die
wildernis.
28 En Moroni het spioene
rondom geplaas, sodat hy mag

20*a* Enos 1:20.
23*a* Alma 48:16.
26*a* L&V 134:11.

weet wanneer die kamp van die Lamaniete sou kom.

29 En nou, omdat Moroni die voornemens van die Lamaniete geken het, dat dit hulle voorneme was om hulle broers te vernietig, of om hulle te onderwerp en hulle in slawerny te bring, sodat hulle 'n koninkryk vir hulself oor die hele land mag vestig;

30 En omdat hy ook geweet het dat dit die enigste begeerte van die Nefiete was om hulle landerye te behou, en hulle [a]vryheid, en hulle kerk, daarom het hy dit geen sonde geag dat hy hulle sou verdedig deur strategie nie; daarom, hy het deur middel van sy spioene verneem watter koers die Lamaniete sou inslaan.

31 Daarom, hy het sy leër verdeel en 'n deel oorgebring na die vallei, en hulle aan die oostekant verskuil, en aan die suidekant van die heuwel Ripla;

32 En die origes het hy verskuil in die westelike vallei, aan die westekant van die Sidon-rivier, en so verder af na die grense van die land Manti.

33 En dus nadat hy sy leërs geplaas het volgens sy begeerte, was hy voorbereid om hulle te ontmoet.

34 En dit het gebeur dat die Lamaniete opgekom het aan die noordekant van die heuwel, waar 'n gedeelte van die leër van Moroni verskuil was.

35 En nadat die Lamaniete die heuwel Ripla verbygegaan het, en die vallei binnegekom het, en begin het om die Sidon-rivier oor te steek, het die leër wat aan die suidekant van die heuwel verskuil was, wat gelei is deur 'n man wie se naam [a]Lehi was, en hy het sy leër uitgelei en die Lamaniete omsingel aan die oostekant op hulle agterhoede.

36 En dit het gebeur dat die Lamaniete, toe hulle die Nefiete op hulle agterhoede sien aankom, het hulle omgedraai en het begin om te veg teen die leër van Lehi.

37 En die werk van die dood het begin aan beide kante, maar dit was verskrikliker aan die kant van die Lamaniete, want hulle [a]naaktheid was blootgestel aan die swaar houe van die Nefiete met hulle swaarde en hulle sabels, wat die dood gebring het met byna elke hou.

38 Terwyl aan die ander kant, slegs af en toe 'n man geval het onder die Nefiete, deur hulle swaarde en die verlies van bloed, omdat hulle beskerm was in die belangrikste dele van die liggaam, of omdat die belangrikste dele van die liggaam beskerm was teen die houe van die Lamaniete, deur hulle [a]borsplate, en hulle armbeskuttings, en hulle helms; en so het die Nefiete die werk van die dood voortgesit onder die Lamaniete.

39 En dit het gebeur dat die Lamaniete bevrees begin word het,

30*a* Alma 46:12, 35.
35*a* Alma 49:16.
37*a* Alma 3:5.
38*a* Alma 44:8–9.

vanweë die groot vernietiging onder hulle, en wel tot so ′n mate dat hulle begin vlug het na die Sidon-rivier.

40 En hulle is agternagesit deur Lehi en sy manne; en hulle is verdryf deur Lehi in die waters van Sidon, en hulle het die waters van Sidon oorgesteek. En Lehi het sy leërs teruggehou op die wal van die Sidon-rivier sodat hulle nie moes oorsteek nie.

41 En dit het gebeur dat Moroni en sy leër die Lamaniete ontmoet het in die vallei, aan die anderkant van die Sidon-rivier, en begin het om hulle aan te val en om hulle te dood.

42 En die Lamaniete het weer voor hulle uitgevlug, in die rigting van die land Manti; en hulle is weer ontmoet deur die leërs van Moroni.

43 Nou in hierdie geval het die Lamaniete uitermate geveg; ja, nog nooit was die Lamaniete bekend om te veg met sulke uitermate krag en moed nie, nee, nie eens van die begin af nie.

44 En hulle is begeester deur die [a]Zoramiete en die Amalekiete, wat hulle hoofkapteins en leiers was, en deur Zerahemna, wat hulle hoofkaptein was, of hulle hoofleier en bevelvoerder; ja, hulle het soos drake geveg, en baie van die Nefiete is deur hulle hande gedood, ja, want hulle het baie van hulle helms in twee gekap, en hulle het baie van hulle borsplate deursteek, en hulle het baie van hulle arms afgekap; en so het die Lamaniete geslaan in hulle heftige toorn.

45 Nogtans, die Nefiete was begeester deur ′n beter saak, want hulle het nie [a]geveg vir ′n monargie of vir mag nie, maar hulle het geveg vir hul huise en hul [b]vryhede, hul vroue en hul kinders, en alles, ja, vir hulle plegtighede van aanbidding en hulle kerk.

46 En hulle het dit gedoen wat hulle gevoel het die [a]plig was wat hulle aan hul God verskuldig was; want die Here het aan hulle gesê, en ook aan hulle vaders, dat: [b]In soverre julle nie skuldig is aan die [c]eerste oortreding nie, nóg die tweede, moet julle nie toelaat dat julle gedood word deur die hande van julle vyande nie.

47 En verder, die Here het gesê dat: Julle moet julle gesinne [a]verdedig en wel tot bloedvergieting. Daarom, om hierdie rede, het die Nefiete teen die Lamaniete geveg, om hulleself te verdedig, en hulle gesinne, en hulle landerye, hulle land, en hulle regte, en hulle godsdiens.

48 En dit het gebeur dat toe die manne van Moroni die heftigheid en die toorn van die Lamaniete sien, was hulle op die punt om terug te deins en van hulle te vlug. En Moroni, omdat hy hulle voorneme gewaar het, het uitgestuur

44*a* Alma 43:6.
45*a* Alma 44:5.
*b* GS Vry, Vryheid.
46*a* GS Plig.
*b* Alma 48:14; L&V 98:33–36.
*c* 3 Ne. 3:21; L&V 98:23–24.
47*a* L&V 134:11.

en hulle harte bemoedig met hier-
die gedagtes—ja, die gedagtes
aan hulle lande, hulle vryheid, ja,
hulle vryheid van slawerny.
49 En dit het gebeur dat hulle
teruggedraai het na die Lama-
niete, en hulle het met een stem
tot die Here hulle God [a]geroep om
hulle vryheid en vrywees van sla-
werny.
50 En hulle het begin om teen
die Lamaniete te staan met krag;
en in daardie selfde uur wat hulle
tot die Here geroep het om hulle
vryheid, het die Lamaniete begin
uitvlug voor hulle; en hulle het
gevlug tot by die waters van Si-
don.
51 Nou, die Lamaniete was tal-
ryker, ja, meer as dubbel die aan-
tal van die Nefiete; nogtans is
hulle gejaag in soverre dat hulle
in een groep bymekaar gekom het
in die vallei, op die oewer van die
Sidon-rivier.
52 Daarom het die leërs van Mo-
roni hulle omsingel, ja, en wel aan
beide kante van die rivier, want
kyk, aan die oostekant was die
manne van Lehi.
53 Daarom, toe Zerahemna die
manne van Lehi aan die ooste-
kant van die Sidon-rivier sien,
en die leërs van Moroni aan die
westekant van die Sidon-rivier,
dat hulle omsingel was deur die
Nefiete, is hulle deur angs getref.
54 Nou Moroni, toe hy hulle
angs sien, het sy manne beveel
dat hulle moes ophou om hulle
bloed te vergiet.

49*a* Ex. 2:23–25; Mosia 29:20.

## HOOFSTUK 44

*Moroni beveel die Lamaniete om ʼn verbond van vrede te sluit óf om vernietig te word—Zerahemna verwerp die voorstel, en die stryd hervat—Moroni se leërs verslaan die Lamaniete. Ongeveer 74–73 v.C.*

En dit het gebeur dat hulle op-
gehou het en ʼn entjie terugge-
trek het van hulle af. En Moroni
het aan Zerahemna gesê: Kyk,
Zerahemna, dat ons [a]nie begeer
om manne van bloed te wees nie.
Julle weet dat julle in ons hande
is, tog begeer ons nie om julle
dood te maak nie.
2 Kyk, ons het nie uitgekom om
teen julle te veg sodat ons julle
bloed mag vergiet vir mag nie;
nóg begeer ons om enigeen on-
der die juk van slawerny te bring.
Maar dit is die ware rede waarom
julle teen ons gekom het; ja, en
julle is vertoornd op ons vanweë
ons godsdiens.
3 Maar nou, julle sien dat die
Here met ons is; en julle sien dat
Hy julle in ons hande uitgelewer
het. En nou wil ek hê dat julle
moet verstaan dat dit aan ons
gedoen is vanweë ons godsdiens
en ons geloof in Christus. En nou
sien julle dat julle nie dít, ons ge-
loof, kan vernietig nie.
4 Nou sien julle dat dit die ware
geloof van God is; ja, julle sien dat
God ons sal onderskraag, en be-
hoed, en bewaar, solank as ons
getrou is aan Hom, en aan ons ge-
loof, en ons godsdiens; en nooit

**44** 1*a* Alma 43:45.

sal die Here toelaat dat ons vernietig sal word nie behalwe as ons in oortreding sal verval en ons geloof loën.
5 En nou, Zerahemna, ek beveel julle in die naam van daardie almagtige God, wat ons arms versterk het sodat ons mag verkry het oor julle, deur ons geloof, deur ons godsdiens, en deur ons [a]plegtighede van aanbidding, en deur ons kerk, en deur die heilige steun wat ons verskuldig is aan ons vroue en ons kinders, deur daardie [b]vryheid wat ons verbind aan ons grond en ons land; ja, en ook deur die behoud van die heilige woord van God, waaraan ons al ons geluk verskuldig is; en deur alles wat vir ons die dierbaarste is—
6 Ja, en dit is nie al nie; ek beveel julle deur al die begeertes wat julle het vir die lewe, dat julle jul wapens van oorlog aan ons oorlewer, en ons sal nie julle bloed soek nie, maar ons sal julle lewens spaar, as julle jul koers sal gaan en nie weer kom om teen ons te veg nie.
7 En nou, as julle dit nie doen nie, kyk, julle is in ons hande, en ek sal my manne beveel dat hulle julle sal aanval, en die wonde van die dood in julle liggame sal toedien, sodat julle uitgewis mag word; en dan sal ons sien wie mag sal hê oor hierdie volk; ja, ons sal sien wie tot slawerny gebring sal word.
8 En nou het dit gebeur dat toe Zerahemna hierdie woorde gehoor het, het hy na vore gekom en sy swaard en sy sabel oorgelewer, en sy boog in die hande van Moroni, en het aan hom gesê: Kyk, hier is ons wapens van oorlog; ons sal hulle uitlewer aan jou, maar ons sal onsself nie toelaat om ʼn [a]eed teenoor julle te neem wat ons weet dat ons sal verbreek nie, en ook ons kinders; maar neem ons wapens van oorlog, en laat ons toe dat ons na die wildernis mag vertrek; anders sal ons ons swaarde behou, en ons sal vergaan of oorwin.
9 Kyk, ons is nie van julle geloof nie; ons glo nie dat dit God is wat ons in julle hande uitgelewer het nie; maar ons glo dat dit julle sluheid is wat julle bewaar het van ons swaarde. Kyk, dit is julle [a]borsplate en julle skilde wat julle bewaar het.
10 En nou toe Zerahemna hierdie woorde klaar gespreek het, het Moroni die swaard en die wapens van oorlog wat hy ontvang het, aan Zerahemna teruggegee, en gesê: Kyk, ons sal die stryd na ʼn einde voer.
11 Nou kan ek nie die woorde herroep wat ek gespreek het nie, daarom, sowaar as die Here leef, julle sal nie vertrek nie tensy julle vertrek met ʼn eed dat julle nie weer sal terugkeer om teen ons te veg nie. Nou, omdat julle in ons hande is, sal ons julle bloed op die

5*a* GS Ordinansies.
*b* GS Vry, Vryheid.
8*a* GS Eed.
9*a* Alma 43:38.

grond stort, of julle sal jul onderwerp aan die voorwaardes wat ek gestel het.
12 En nou toe Moroni hierdie woorde gespreek het, het Zerahemna sy swaard behou, en hy was kwaad vir Moroni, en hy het vorentoe gestorm sodat hy vir Moroni mag doodmaak; maar toe hy sy swaard ophef, kyk, een van Moroni se soldate het dit afgeslaan en wel na die grond toe, en dit het afgebreek by die hef; en hy het ook vir Zerahemna geslaan dat hy sy kopvel afgesny het en dit het op die grond geval; en Zerahemna het teruggetrek van voor hulle na die midde van sy soldate.
13 En dit het gebeur dat die soldaat wat naby gestaan het, wat Zerahemna se kopvel afgesny het, die kopvel van die grond af opgetel het aan die hare, en dit op die punt van sy swaard geplaas, en dit na hulle uitgesteek het, terwyl hy met ʼn harde stem aan hulle sê:
14 Net soos hierdie kopvel op die grond geval het, wat die kopvel is van julle leier, so sal julle op die grond val, tensy julle jul wapens van oorlog sal uitlewer en vertrek met ʼn verbond van vrede.
15 Nou was daar baie, toe hulle hierdie woorde gehoor het, en die kopvel gesien het wat op die swaard was, wat bevange was met vrees; en baie het na vore gekom en hulle wapens van oorlog neergegooi aan die voete van Moroni, en ʼn [a]verbond van vrede gesluit. En soveel as wat ʼn verbond gesluit het, het hulle toegelaat om die wildernis in te vertrek.
16 Nou het dit gebeur dat Zerahemna uitermate vertoornd was, en hy het die res van sy soldate opgestook tot toorn, om nog kragtiger teen die Nefiete te veg.
17 En nou was Moroni kwaad, as gevolg van die hardnekkigheid van die Lamaniete; daarom het hy sy volk beveel dat hulle hul moes aanval en hulle doodmaak. En dit het gebeur dat hulle hul begin doodmaak het; ja, en die Lamaniete het met hulle swaarde en hulle mag geveg.
18 Maar kyk, hulle naakte velle en hulle kaal koppe was blootgestel aan die skerp swaarde van die Nefiete; ja, kyk hulle is deursteek en geslaan, en het uitermate vinnig geval voor die swaarde van die Nefiete; en hulle het begin om afgemaai te word, net soos die soldaat van Moroni voorspel het.
19 Nou Zerahemna, toe hy sien dat hulle op die punt staan om almal uitgewis te word, het kragtig uitgeroep tot Moroni, en belowe dat hy ʼn verbond sou sluit en ook sy volk met hulle, as hulle die oorblywendes se lewens sou spaar, dat hulle [a]nooit weer teen hulle in die stryd sou kom nie.
20 En dit het gebeur dat Moroni die werk van die dood weer laat ophou het onder die volk. En hy het die wapens van oorlog van die Lamaniete geneem; en nadat hulle ʼn [a]verbond van vrede met

15*a* 1 Ne. 4:37; Alma 50:36.
19*a* Alma 47:6.
20*a* Alma 62:16–17.

hulle gesluit het, is hulle toegelaat om die wildernis in te vertrek.

21 Nou is die getal van hulle dooies nie getel nie, vanweë die grootte van die getal; ja, die getal van hulle dooies was uitermate groot, beide aan die Nefiete en aan die Lamaniete.

22 En dit het gebeur dat hulle hul dooies in die waters van Sidon gewerp het, en hulle het uitgegaan en is in die dieptes van die see begrawe.

23 En die leërs van die Nefiete, of van Moroni, het teruggekeer en gekom by hulle huise en hulle landerye.

24 En so het die agtiende jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi geëindig. En so het die verslag van Alma geëindig, wat geskrywe was op die plate van Nefi.

---

Die verslag van die volk van Nefi, en hulle oorloë en onenigheid, in die dae van Helaman, volgens die kroniek van Helaman, wat hy bygehou het in sy dae.

*Dit behels hoofstukke 45 tot 62.*

## HOOFSTUK 45

*Helaman glo die woorde van Alma—Alma profeteer die vernietiging van die Nefiete—Hy seën en vervloek die land—Alma kon opgeneem gewees het deur die Gees, net soos Moses—Onenigheid neem toe in die Kerk. Ongeveer 73 v.C.*

Kyk, nou het dit gebeur dat die volk van Nefi uitermate verheug was omdat die Here hulle weer verlos het uit die hande van hulle vyande; daarom het hulle dank betuig teenoor die Here hulle God; ja, en hulle het baie [a]gevas en baie gebid, en hulle het God aanbid met uitnemende vreugde.

2 En dit het gebeur in die negentiende jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi, dat Alma na sy seun Helaman gekom het en aan hom gesê het: Glo jy die woorde wat ek tot jou gespreek het aangaande daardie [a]kronieke wat bygehou is?

3 En Helaman het aan hom gesê: Ja, ek glo.

4 En Alma het weer gesê: Glo jy in Jesus Christus, wat sal kom?

5 En hy het gesê: Ja, ek glo al die woorde wat u gespreek het.

6 En Alma het weer aan hom gesê: Sal jy my [a]bevele onderhou?

7 En hy het gesê: Ja, ek sal u bevele onderhou met my hele hart.

8 Toe het Alma aan hom gesê: Geseënd is jy; en die Here sal jou [a]voorspoedig maak in hierdie land.

9 Maar kyk, ek het ietwat om te [a]profeteer aan jou; maar wat ek aan jou profeteer sal julle nie bekend maak nie; ja, wat ek aan jou

---

**45** 1*a* GS Vas.
2*a* Alma 37:1–5; 50:38.
6*a* GS Gebooie van God; Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
8*a* 1 Ne. 4:14; Alma 48:15–16, 25.
9*a* GS Profesie, Profeteer.

profeteer sal nie bekend gemaak word, totdat die profesie vervul is nie; daarom, skryf die woorde wat ek sal sê.

10 En hierdie is die woorde: Kyk, ek gewaar dat hierdie selfde volk, die Nefiete, volgens die gees van openbaring wat in my is, binne [a]vierhonderd jaar vanaf die tyd dat Jesus Christus Homself aan hulle sal openbaar, sal kwyn in [b]ongeloof.

11 Ja, en dan sal hulle oorloë en pestilensies sien, ja, hongersnode en bloedvergieting, totdat die volk van Nefi [a]uitgewis sal wees—

12 Ja, en dit omdat hulle sal kwyn in ongeloof, en verval tot die werke van duisternis, en [a]wellustigheid, en allerlei ongeregtighede; ja, en ek sê vir jou, dat omdat hulle sal sondig teen so ′n groot lig en kennis, ja, ek sê vir jou, dat vanaf daardie dag, sal selfs die vierde geslag nie almal heengaan voordat hierdie groot ongeregtigheid sal kom nie.

13 En wanneer daardie groot dag kom, kyk, die tyd kom baie gou, wanneer hulle wat nou is, of die saad van hulle wat nou getel word onder die volk van Nefi, [a]nie meer gereken sal word onder die volk van Nefi nie.

14 Maar wie ook al oorbly, en nie vernietig word op daardie groot en vreeslike dag nie, sal [a]gereken word onder die Lamaniete, en sal soos hulle word, almal, behalwe ′n paar wat die dissipels van die Here genoem sal word; en vir hulle sal die Lamaniete vervolg [b]totdat hulle uitgewis sal wees. En nou, vanweë ongeregtigheid, sal hierdie profesie vervul word.

15 En nou het dit gebeur dat nadat Alma hierdie dinge met Helaman gespreek het, het hy hom geseën, en ook sy ander seuns; en hy het ook die aarde geseën ter wille van die [a]regverdiges.

16 En hy het gesê: So sê die Here God—[a]Vervloek sal die land wees, ja hierdie land, vir elke nasie, stam, taal en volk, tot vernietiging toe, wat booslik handel, wanneer hulle ten volle ryp is; en soos ek gesê het, só sal dit wees; want dit is die vloek en die [b]seën van God oor die land, want die Here kan nie sonde aanskou met die [c]geringste mate van aanvaarding nie.

17 En nou, toe Alma hierdie woorde gesê het, het hy die [a]kerk geseën, ja, al diegene wat vas sou staan in die geloof van daardie dag af verder.

18 En toe Alma dit gedoen het, het hy vertrek uit die land Zarahemla, asof om na die land Melek

10*a* 1 Ne. 12:10–15; Hel. 13:9; Morm. 8:6–7.
*b* GS Afval; Ongeloof.
11*a* Jarom 1:10; Morm. 8:2–3, 6–7.
12*a* GS Wellus, Wellustigheid.
13*a* Hel. 3:16.
14*a* Moro. 9:24.
*b* Moro. 1:1–3.
15*a* Alma 46:10; 62:40.
16*a* 2 Ne. 1:7; Alma 37:31; Ether 2:8–12.
*b* L&V 130:21.
*c* L&V 1:31.
17*a* GS Kerk van Jesus Christus.

te gaan. En dit het gebeur dat hy
nooit meer van gehoor is nie; aangaande sy dood of begrafnis weet ons nie van nie.
19 Kyk, dít weet ons, dat hy 'n
regverdige man was; en die gerug het in die kerk rondgegaan dat hy deur die Gees opgeneem is, of [a]begrawe is deur die hand van die Here, net soos Moses. Maar kyk, die skrifture sê dat die Here vir Moses tot Homself geneem het; en ons veronderstel dat Hy ook vir Alma in die gees ontvang het, tot Homself, daarom, om hierdie rede weet ons niks aangaande sy dood en begrafnis nie.
20 En nou het dit gebeur aan
die begin van die negentiende jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi, dat Helaman uitgegaan het onder die volk om die woord te verkondig aan hulle.
21 Want kyk, vanweë hulle oor-
loë met die Lamaniete en die baie klein onenighede en steurnisse wat onder die volk was, het dit noodsaaklik geword dat die [a]woord van God onder hulle verkondig moes word, ja, en dat 'n verordening gemaak moes word dwarsdeur die kerk.
22 Daarom, Helaman en sy
broers het uitgegaan om die kerk weer te vestig in die hele land, ja, in elke stad dwarsdeur die hele land wat deur die volk van Nefi besit is. En dit het gebeur dat hulle priesters en leraars aangestel het dwarsdeur die hele land, oor al die kerke.
23 En nou het dit gebeur dat na-
dat Helaman en sy broers priesters en leraars aangestel het oor die kerke, dat daar 'n [a]onenigheid ontstaan het onder hulle, en hulle wou nie ag slaan op die woorde van Helaman en sy broers nie;
24 Maar hulle het hoogmoedig
geword, omdat hulle verhewe was in hul harte, vanweë hulle uitermate groot [a]rykdom; daarom het hulle ryk geword in hul [b]eie oë, en wou nie ag slaan op hulle woorde, om opreg te wandel voor God nie.

## HOOFSTUK 46

*Amalikia sweer saam om koning te wees—Moroni hef die vaandel van vryheid op—Hy bring die volk byeen om hulle godsdiens te verdedig—Ware gelowiges word Christene genoem—'n Oorblyfsel van Josef sal bewaar word—Amalikia en die afvalliges vlug na die land Nefi—Diegene wat nie die saak van vryheid wil ondersteun nie, word gedood. Ongeveer 73–72 v.C.*

En dit het gebeur dat soveel as wat nie wou ag slaan op die woorde van Helaman en sy broers nie, saamgekom het teen hulle broers.
2 En nou kyk, hulle was uiter-
mate vertoornd, tot so 'n mate dat hulle vasberade was om hulle te dood.

19*a* GS Getransfigureerde Wesens.
21*a* Alma 31:5.
23*a* 3 Ne. 11:28–29.
24*a* GS Rykdom.
*b* GS Hoogmoed.

3 Nou, die leier van diegene wat
vertoornd was op hulle broers,
was ′n groot en ′n sterk man; en
sy naam was Amalikia.
4 En Amalikia was begerig om
koning te wees; en daardie mense
wat vertoornd was, was ook be-
gerig dat hy hulle koning moes
wees; en die grootste gedeelte
van hulle was die [a]ondergeskikte
regters van die land, en hulle het
mag gesoek.
5 En hulle is gelei deur die vlei-
taal van Amalikia, dat as hulle
hom sou ondersteun en hom be-
vestig as hulle koning, dat hy
hulle heersers sou maak oor die
volk.
6 So is hulle weggelei deur
Amalikia tot onenighede, nie-
teenstaande die prediking van
Helaman en sy broers, ja, nie-
teenstaande hulle uitermate groot
sorg oor die kerk, want hulle was
hoëpriesters oor die kerk.
7 En daar was baie in die kerk
wat geglo het in die vleiende
woorde van Amalikia, daarom
het hulle ook van die kerk afge-
val; en so was die sake van die
volk van Nefi uitermate hag-
lik en gevaarlik, nieteenstaande
hulle groot [a]oorwinning wat hulle
gehad het oor die Lamaniete, en
hulle groot feesvierings wat hulle
gehad het vanweë hulle verlos-
sing deur die hand van die Here.
8 So sien ons hoe [a]gou die kin-
ders van mense die Here hulle
God vergeet, ja, hoe gou om on-
geregtigheid te doen, en om weg-
gelei te word deur die bose een.
9 Ja, en ons sien ook die groot
[a]boosheid wat een baie godde-
lose man kan veroorsaak om
plaas te vind onder die kinders
van mense.
10 Ja, ons sien dat Amalikia, om-
dat hy ′n man van sluwe planne
was, en ′n man van baie vleiende
woorde, dat hy die harte wegge-
lei het van baie mense om boos
te handel; ja, en om te soek om
die kerk van God te vernietig, en
om die fondament van [a]vryheid
te vernietig wat God aan hulle ge-
gun het, of watter seëning God op
die aangesig van die land gestuur
het ter wille van die [b]regverdiges.
11 En nou het dit gebeur dat toe
Moroni, wat die [a]hoofbevelvoer-
der van die leërs van die Nefiete
was, gehoor het van hierdie on-
enighede, was hy vertoornd op
Amalikia.
12 En dit het gebeur dat hy sy
mantel geskeur het; en hy het ′n
stuk daarvan geneem en daarop
geskrywe—[a]Ter herinnering aan
ons God, ons godsdiens, en vry-
heid, en ons vrede, ons vroue, en
ons kinders—en hy het dit vas-
geheg aan die punt van ′n paal.
13 En hy het sy helm vasge-
maak, en sy borsplaat, en sy
skilde, en het sy wapenrusting

**46** 4*a* Mosia 29:11, 28–29.
7*a* Alma 44:19–20.
8*a* Hel. 12:2, 4–5.
9*a* Mosia 29:17–18.
10*a* 2 Ne. 1:7; Mosia 29:32.
*b* 2 Ne. 1:7.
11*a* Alma 43:16–17.
12*a* Neh. 4:14; Alma 44:5.

om sy lendene gegord; en hy het die paal geneem, wat op die punt daarvan sy geskeurde mantel gehad het, (en hy het dit die vaandel van vryheid genoem) en hy het homself neergebuig tot die aarde, en hy het kragtig gebid tot sy God vir die seëninge van vryheid om op sy broers te rus, solank as wat daar 'n groep Christene oorbly om die land te besit—

14 Want so is al die ware gelowiges van Christus, wat aan die kerk van God behoort het, genoem deur diegene wat nie aan die kerk behoort het nie.

15 En diegene wat aan die kerk behoort het, was getrou; ja, al diegene wat ware gelowiges in Christus was, het die [a]naam van Christus blymoedig op hulle geneem, of [b]Christene, soos hulle genoem is, vanweë hul geloof in Christus wat sou kom.

16 En daarom, in hierdie tyd, het Moroni gebid dat die saak van die Christene en die vryheid van die land begunstig mag word.

17 En dit het gebeur dat toe hy sy siel uitgestort het tot God, het hy die hele land wat suid van die land [a]Verlatenheid was, ja, kortom, die hele land, beide in die noorde en in die suide—'n Uitverkore land, en die land van vryheid genoem.

18 En hy het gesê: Sekerlik sal God nie toelaat dat ons, wat verag word omdat ons die naam van Christus op ons geneem het, vertrap sal word en vernietig word, totdat ons dit op onsself bring deur ons eie oortredinge nie.

19 En toe Moroni hierdie woorde gesê het, het hy uitgegaan onder die volk, terwyl hy die afgeskeurde deel van sy [a]mantel in die lug waai, sodat almal die skrif mag sien wat hy geskrywe het op die afgeskeurde deel, terwyl hy met 'n harde stem uitgeroep, en gesê het:

20 Kyk, wie ook al hierdie vaandel oor die land wil behou, laat hulle uitkom in die krag van die Here, en 'n verbond sluit dat hulle hul regte sal handhaaf, en hulle godsdiens, sodat die Here God hulle mag seën.

21 En dit het gebeur dat toe Moroni hierdie woorde uitgeroep het, kyk, die volk het aangehardloop gekom met hulle wapenrusting gegord om hulle lendene, terwyl hulle hul klere skeur as 'n teken, of as 'n verbond, dat hulle nie die Here hulle God sou verlaat nie; of, met ander woorde, as hulle die gebooie van God sou oortree, of in oortreding verval, en [a]skaam sal wees om die naam van Christus op hulle te neem, sou die Here hulle verskeur net soos hulle hul klere geskeur het.

22 Nou, dit was die verbond wat hulle gesluit het, en hulle het hulle klere aan die voete van Moroni neergewerp, en gesê: Ons sluit

15*a* Mosia 5:7–9.
*b* Hand. 11:26; 1 Petr. 4:16.
17*a* Alma 22:30–31.
19*a* GS Vaandel.
21*a* 1 Ne. 8:25–28; Morm. 8:38.

ʼn verbond met ons God, dat ons vernietig sal word, net soos ons broers in die land noordwaarts, as ons in oortreding sal verval; ja, Hy mag ons aan die voete van ons vyande neerwerp, net soos ons ons klere aan jou voete neergewerp het om vertrap te word onder die voete, as ons in oortreding sal verval.

23 Moroni het aan hulle gesê: Kyk, ons is ʼn oorblyfsel van die saad van Jakob; ja, ons is ʼn oorblyfsel van die [a]saad van [b]Josef, wie se [c]kleed deur sy broers geskeur is in baie stukke; ja, en nou kyk, laat ons onthou om die gebooie van God te onderhou, of ons klere sal deur ons broers geskeur word, en ons sal in die gevangenis gewerp, of verkoop, of gedood word.

24 Ja, laat ons ons vryheid bewaar as ʼn [a]oorblyfsel van Josef; ja, laat ons die woorde van Jakob onthou, voor sy dood, want kyk, hy het gesien dat ʼn deel van die oorblyfsel van Josef se kleed bewaar is en nie vergaan het nie. En hy het gesê—Net soos hierdie oorblyfsel van my seun se kleed bewaar gebly het, so sal ʼn [b]oorblyfsel van die saad van my seun bewaar word deur die hand van God, en tot Homself geneem word, terwyl die oorblyfsel van die saad van Josef sal vergaan, net soos die oorblyfsel van sy kleed.

25 Nou, kyk, dit gee my siel droefheid; nogtans, my siel het vreugde in my seun, vanweë daardie deel van sy saad wat tot God geneem sal word.

26 Nou kyk, dit was die taal van Jakob.

27 En nou wie weet of die oorblyfsel van Josef se saad, wat soos sy kleed sal vergaan, miskien diegene is wat afvallig van ons geword het? Ja, en selfs dit sal onsself wees as ons nie vasstaan in die geloof van Christus nie.

28 En nou het dit gebeur dat toe Moroni hierdie woorde gesê het, het hy uitgegaan, en ook uitgestuur na al die dele van die land waar daar onenighede was, en al die mense bymekaar gemaak wat begerig was om hulle vryheid te behou, om teen Amalikia te staan en diegene wat afvallig geword het, wat Amalikiahiete genoem is.

29 En dit het gebeur dat toe Amalikia sien dat die volk van Moroni talryker was as die Amalikiahiete—en hy het ook gesien dat sy mense twyfelagtig was aangaande die geregtigheid van die saak wat hulle onderneem het—daarom, omdat hy gevrees het dat hy nie sy doelwit sou bereik nie, het hy diegene onder sy mense geneem wat wou, en na die land Nefi vertrek.

30 Nou, Moroni het gedink dat dit nie raadsaam was dat die Lamaniete nog meer krag moet hê

23*a* Gén. 49:22–26; 1 Ne. 5:14–15.
*b* GS Josef, Seun van Jakob.
*c* Gén. 37:3, 31–36.
24*a* Amos 5:15; 3 Ne. 5:21–24; 10:17.
*b* 2 Ne. 3:5–24; Ether 13:6–7.

nie; daarom het hy gedink om die volk van Amalikia af te sny, of om hulle gevange te neem en hulle gevange terug te bring, en Amalikia te dood; ja, want hy het geweet dat hy die Lamaniete sou opstook tot toorn teen hulle, en hulle laat optrek in stryd teen hulle; en dit het hy geweet dat Amalikia sou doen sodat hy sy doelwitte mag bereik.

31 Daarom het Moroni gedink dat dit raadsaam was dat hy sy leërs neem, wat hulleself bymekaargemaak het, en hulself bewapen het, en ′n verbond gesluit om die vrede te bewaar—en dit het gebeur dat hy sy leër geneem het en uitgemarsjeer het met sy tente die wildernis in, om die koers van Amalikia in die wildernis af te sny.

32 En dit het gebeur dat hy gedoen het soos hy begeer het, en het die wildernis binnegemarsjeer en die leërs van Amalikia vooruitgegaan.

33 En dit het gebeur dat Amalikia met ′n klein aantal van sy manne gevlug het, en die oorblywendes is oorgelewer in die hande van Moroni en is teruggeneem na die land Zarahemla.

34 Nou, Moroni, omdat hy ′n man was wat [a]aangestel is deur die hoofregters en die stem van die volk, daarom het hy mag gehad volgens sy wil met die leërs van die Nefiete, om gesag te vestig en uit te oefen oor hulle.

35 En dit het gebeur dat wie ook al van die Amalikiahiete wat nie ′n verbond wou sluit om die saak van vryheid te ondersteun nie, sodat hulle ′n vrye regering kon handhaaf nie, het hy laat doodmaak; en daar was maar min wat die verbond van vryheid verwerp het.

36 En dit het ook gebeur, dat hy die vaandel van vryheid laat hys het op elke toring wat in die hele land was, wat besit was deur die Nefiete, en so het Moroni die banier van vryheid onder die Nefiete gevestig.

37 En hulle het begin om weer vrede te hê in die land; en so het hulle vrede gehandhaaf in die land tot byna aan die einde van die negentiende jaar van die heerskappy van die regters.

38 En Helaman en die [a]hoëpriesters het ook orde gehandhaaf in die kerk; ja, en wel vir ′n tydperk van vier jaar het hulle baie vrede en vreugde in die kerk gehad.

39 En dit het gebeur dat daar baie was wat gesterwe het met vaste [a]geloof dat hulle siele verlos is deur die Here Jesus Christus; so het hulle uit hierdie lewe met vreugde gegaan.

40 En daar was sommige wat van koors gesterwe het, wat in sommige tye van die jaar baie voorgekom het in die land—maar nie soveel aan koors nie, vanweë die uitstekende hoedanighede van die baie [a]plante en

34 *a* Alma 43:16.
38 *a* Alma 46:6.
39 *a* Moro. 7:3, 41.
40 *a* L&V 89:10.

wortels wat God berei het om die oorsaak van siektes weg te neem, waaraan die mense onderhewig was vanweë die aard van die klimaat.

41 Maar daar was baie wat van ouderdom dood is; en diegene wat dood is in die geloof van Christus, is [a]gelukkig in Hom, soos ons noodwendig moet veronderstel.

## HOOFSTUK 47

*Amalikia gebruik verraad, moord en gekonkel om koning te word van die Lamaniete—Die Nefitiese afvalliges is goddeloser en wreder as die Lamaniete. Ongeveer 72 v.C.*

NOU sal ons terugkeer in ons verslag tot Amalikia en diegene wat met hom die wildernis in [a]gevlug het, want, kyk, hy het diegene geneem wat met hom gegaan het, en opgegaan in die [b]land Nefi onder die Lamaniete, en het die Lamaniete opgestook tot toorn teen die volk van Nefi, in soverre dat die koning van die Lamaniete 'n aankondiging uitgestuur het dwarsdeur sy hele land, onder al sy mense, dat hulle weer bymekaar moes kom om op te trek in die stryd teen die Nefiete.

2 En dit het gebeur dat toe die aankondiging uitgegaan het onder hulle, was hulle uitermate bevrees; ja, hulle het gevrees om die koning te mishaag, en hulle het ook gevrees om in die stryd te gaan teen die Nefiete uit vrees dat hulle hul lewens sou verloor. En dit het gebeur dat hulle nie wou nie, of die grootste gedeelte van hulle wou nie die bevele van die koning gehoorsaam nie.

3 En nou het dit gebeur dat die koning toornig was vanweë hulle ongehoorsaamheid; daarom het hy Amalikia die bevel gegee oor daardie gedeelte van sy leër wat gehoorsaam was aan sy bevele, en het hom beveel dat hy moes uitgaan en hulle dwing om die wapens op te neem.

4 Nou kyk, dit was die begeerte van Amalikia; want omdat hy 'n baie geslepe man was om boosheid te doen, daarom het hy die plan in sy hart gelê om die koning van die Lamaniete te onttroon.

5 En nou het hy bevel gekry oor daardie gedeeltes van die Lamaniete wat ten gunste was van die koning; en hy het gesoek om guns te verkry van diegene wat nie gehoorsaam was nie; daarom het hy voortgegaan na die plek wat [a]Onida genoem is, want al die Lamaniete het daarheen gevlug; want hulle het die leër in aantog gewaar, en, veronderstellend dat hulle kom om hulle te vernietig, daarom het hulle na Onida gevlug, na die plek van wapens.

6 En hulle het 'n man aangestel om 'n koning en 'n leier oor hulle te wees, omdat hulle seker was in hulle gedagtes met 'n vasberade besluit dat hulle nie gedwing sou

41*a* Openb. 14:13.
**47** 1*a* Alma 46:33.
*b* 2 Ne. 5:5–8; Omni 1:12–13.
5*a* Alma 32:4.

word om teen die Nefiete op te trek nie.

7 En dit het gebeur dat hulle hulself bymekaargemaak het bo-op die berg wat Ántipas genoem is, ter voorbereiding vir die stryd.

8 Nou was dit nie Amalikia se voorneme om hulle die stryd aan te sê volgens die bevele van die koning nie; maar kyk, dit was sy voorneme om die guns te wen van die leërs van die Lamaniete, sodat hy homself aan hulle hoof kon plaas en die koning onttroon en besit neem van die koninkryk.

9 En kyk, dit het gebeur dat hy sy leërs hulle tente laat opslaan het in die vallei wat naby die berg Ántipas was.

10 En dit het gebeur dat toe dit nag was, het hy 'n geheime boodskapper na die berg Ántipas gestuur om te verneem of die leier van diegene wat op die berg was, wie se naam Lehonti was, of hy sou afkom na die voet van die berg, omdat hy begeer het om met hom te spreek.

11 En dit het gebeur dat toe Lehonti die boodskap ontvang het, het hy nie gedurf om af te gaan na die voet van die berg nie. En dit het gebeur dat Amalikia weer die tweede keer gestuur het om hom te vra om af te kom. En dit het gebeur dat Lehonti nie wou nie; en hy het weer die derde keer gestuur.

12 En dit het gebeur dat toe Amalikia vind dat hy nie vir Lehonti kon kry om van die berg af te kom nie, het hy teen die berg opgegaan, amper tot by Lehonti se kamp; en hy het weer die vierde keer sy boodskap na Lehonti gestuur om te vra dat hy moes afkom, en dat hy sy wagte saam met hom moes bring.

13 En dit het gebeur dat toe Lehonti afgekom het met sy wagte na Amalikia, dat Amalikia wou hê hy moes afkom met sy leër in die nag, en daardie manne omsingel in hulle kampe oor wie die koning hom bevel gegee het, en dat hy hulle in Lehonti se hande sou oorgee, as hy vir hom (Amalikia) 'n tweede leier sou maak oor die hele leër.

14 En dit het gebeur dat Lehonti afgekom het met sy manne en die manne van Amalikia omsingel het, sodat voor hulle wakker geword het met die aanbreek van die dag, was hulle omsingel deur die leërs van Lehonti.

15 En dit het gebeur dat toe hulle sien dat hulle omsingel is, het hulle gepleit by Amalikia dat hy hulle moes toelaat om by hulle broers aan te sluit sodat hulle nie vernietig mag word nie. Nou, dit was die juiste ding wat Amalikia begeer het.

16 En dit het gebeur dat hy sy manne oorgegee het, [a]teenstrydig met die bevele van die koning. Nou, dit was die ding wat Amalikia wou hê, dat hy sy doeleindes mag bereik om die koning te onttroon.

17 Nou was dit die gebruik

16*a* Alma 47:3.

onder die Lamaniete, as hulle hoofleier gedood word, om die tweede leier aan te stel om hulle hoofleier te wees.

18 En dit het gebeur dat Amalikia een van sy diensknegte vir Lehonti met verdrag gif laat ingee het sodat hy gesterf het.

19 Nou, toe Lehonti dood is, het die Lamaniete Amalikia aangestel om hulle leier en hulle hoofbevelvoerder te wees.

20 En dit het gebeur dat Amalikia met sy leërs gemarsjeer het (want hy het sy begeertes vervul) na die land Nefi, na die stad Nefi, wat die hoofstad was.

21 En die koning het uitgekom om hom te ontmoet met sy wagte, want hy het veronderstel dat Amalikia sy bevele uitgevoer het, en dat Amalikia so ′n groot leër bymekaar gemaak het om op te trek teen die Nefiete in die stryd.

22 Maar kyk, toe die koning uitkom om hom te ontmoet, het Amalikia sy diensknegte laat vooruitgaan om die koning te ontmoet. En hulle het gegaan en hulle voor die koning neergebuig, asof om hom te eerbiedig vanweë sy grootsheid.

23 En dit het gebeur dat die koning sy hand uitgesteek het om hulle op te rig, soos dit die gebruik by die Lamaniete was, as ′n teken van vrede, welke gebruik hulle van die Nefiete geneem het.

24 En dit het gebeur dat toe hy die eerste van die grond af opgerig het, kyk, hy het die koning in die hart gesteek; en hy het op die grond neergeval.

25 Nou het die diensknegte van die koning gevlug; en die diensknegte van Amalikia het ′n geroep laat opgaan, en gesê:

26 Kyk, die diensknegte van die koning het hom in die hart gesteek, en hy het geval, en hulle het gevlug; sien, kom en kyk.

27 En dit het gebeur dat Amalikia beveel het dat sy leërs moes opmarsjeer en sien wat gebeur het met die koning; en toe hulle by die plek kom, en die koning gevind het wat in sy bloed lê, het Amalikia voorgegee om toornig te wees, en het gesê: Wie ook al die koning liefgehad het, laat hom uitgaan, en sy diensknegte agternasit sodat hulle gedood kan word.

28 En dit het gebeur dat hulle almal wat die koning liefgehad het, toe hulle hierdie woorde hoor, uitgekom het en die koning se diensknegte agternagesit het.

29 Nou, toe die diensknegte van die koning sien dat ′n leër hulle agternasit, was hulle weer bang, en het die wildernis ingevlug, en het oorgekom in die land Zarahemla en aangesluit by die [a]volk van Ammon.

30 En die leër wat hulle agternagesit het, het teruggekeer, nadat hulle hul tevergeefs agtervolg het; en so het Amalikia, deur sy bedrog, die harte van die volk gewen.

29*a* Alma 43:11–12.
GS Anti-Nefi-Lehi′s.

31 En dit het gebeur op die volgende dag dat hy die stad Nefi binnegegaan het met sy leërs, en besit geneem het van die stad.

32 En nou het dit gebeur dat die koningin, toe sy gehoor het dat die koning gedood is—want Amalikia het ′n boodskapper gestuur na die koningin om haar mee te deel dat die koning gedood is deur sy diensknegte, dat hy hulle agternagesit het met sy leër, maar dat dit tevergeefs was, en dat hulle ontvlug het—

33 Daarom, toe die koningin hierdie boodskap ontvang het, het sy na Amalikia gestuur, om te vra dat hy die mense van die stad moes spaar; en sy het hom ook gevra dat hy na haar toe moes kom; en sy het hom ook gevra dat hy getuies moes bring saam met hom om te getuig aangaande die dood van die koning.

34 En dit het gebeur dat Amalikia dieselfde dienskneg geneem het wat die koning gedood het, en hulle almal wat saam met hom was, en het ingegaan na die koningin, na die plek waar sy gesit het; en hulle het almal aan haar getuig dat die koning gedood is deur sy eie diensknegte; en hulle het ook gesê: Hulle het gevlug; getuig dit nie teen hulle nie? En so het hulle die koningin tevrede gestel aangaande die dood van die koning.

35 En dit het gebeur dat Amalikia die koningin se guns gesoek het, en het haar vir hom tot vrou geneem; en so deur sy bedrog, en met die hulp van sy listige diensknegte, het hy die koninkryk bekom; ja, hy is as koning erken dwarsdeur die land, onder al die volke van die Lamaniete, wat [a]bestaan het uit die Lamaniete en die Lemueliete en die Ismaeliete, en al die afvalliges van die Nefiete, vanaf die heerskappy van Nefi tot die huidige tyd.

36 Nou hierdie [a]afvalliges het dieselfde onderrig en dieselfde inligting van die Nefiete gehad, ja, hulle is onderrig in dieselfde [b]kennis van die Here, nogtans, dit is vreemd dat, nie lank na hulle afvalligheid nie het hulle meer verhard en [c]onboetvaardig geword, en wilder, boser en wreder as die Lamaniete—want hulle het die oorleweringe van die Lamaniete ingedrink; en hulle oorgegee aan luiheid, en alle wyses van wellustigheid; ja, hulle het die Here hulle God heeltemal vergeet.

## HOOFSTUK 48

*Amalikia sweep die Lamaniete op teen die Nefiete—Moroni berei sy volk voor om die saak van die Christene te verdedig—Hy verheug hom in vryheid en onafhanklikheid en is ′n magtige man van God. Ongeveer 72 v.C.*

EN nou het dit gebeur dat, sodra Amalikia die koninkryk bekom het, het hy begin om die harte

35*a* Jakob 1:13–14.
36*a* GS Afval.
*b* Hebr. 10:26–27; Alma 24:30.
*c* Jer. 8:12.

van die Lamaniete aan te vuur
teen die volk van Nefi; ja, hy het
manne aangestel om met die Lamaniete
te spreek van hulle torings
af, teen die Nefiete.
2 En so het hy hulle harte aangevuur
teen die Nefiete, in soverre
dat teen die einde van die
negentiende jaar van die heerskappy
van die regters, omdat hy
sy planne tot dusver verwesenlik
het, ja, en koning gemaak is oor
die Lamaniete, het hy ook gesoek
om te heers oor die hele land, ja,
en al die mense wat in die land
was, die Nefiete sowel as die Lamaniete.
3 Daarom het hy sy planne verwesenlik,
want hy het die harte
van die Lamaniete verhard en
hulle verstand verblind, en hulle
opgestook tot toorn, in soverre
dat hy 'n talryke leërskare byeengebring
het om in die stryd op te
trek teen die Nefiete.
4 Want hy was vasberade, vanweë
die grootte van die getal van
sy volk, om die Nefiete te oorweldig
en om hulle in slawerny
te bring.
5 En dus het hy [a]hoofkapteins
aangestel van die Zoramiete, omdat
hulle die beste vertroud was
met die sterkte van die Nefiete,
en hulle plekke van skuiling, en
die swakste dele van hulle stede;
daarom het hy hulle aangestel om
hoofkapteins te wees oor sy leërs.
6 En dit het gebeur dat hulle hul
kamp opgeneem, en voortbeweeg
het na die land Zarahemla die
wildernis in.
7 Nou het dit gebeur dat terwyl
Amalikia aldus besig was om
mag te verkry deur bedrog en
lis, was Moroni aan die anderkant,
besig om die gedagtes van
die volk [a]voor te berei om getrou
te wees aan die Here hulle God.
8 Ja, hy was besig om die leërs
van die Nefiete te versterk, en
om klein vestings op te rig, of
plekke van skuiling; deur walle
van grond rondom op te werp om
sy leërs te omring, en ook deur
mure van klip te bou om hulle te
omsluit, rondom hulle stede en
die grense van hulle landerye; ja,
oral rondom die land.
9 En in hulle swakste versterkings
het hy die groter getal manskappe
geplaas; en so het hy die
land gefortifiseer en versterk wat
deur die Nefiete besit is.
10 En so was hy besig om voor te
berei om hulle vryheid te [a]verdedig,
hulle landerye, hulle vroue,
en hulle kinders, en hulle vrede,
en dat hulle vir die Here hulle
God mag lewe, en dat hulle dít
mag handhaaf wat deur hulle vyande
die saak van die Christene
genoem is.
11 En Moroni was 'n sterk en
'n magtige man; hy was 'n man
van 'n volmaakte [a]begrip; ja, 'n
man wat nie behae geskep het in
bloedvergieting nie; 'n man wie
se siel hom verbly het in die vryheid
en onafhanklikheid van sy

**48** 5*a* Alma 43:6.
7*a* Alma 49:8.
10*a* Alma 46:12–13.
11*a* GS Begrip.

land, en sy broers van knegskap
en slawerny;
12 Ja, 'n man wie se hart geswel
het met danksegging aan sy God,
vir die vele voorregte en seëninge
wat Hy aan sy mense geskenk
het; 'n man wat uitermate gearbei
het vir die [a]welsyn en veiligheid
van sy volk.
13 Ja, en hy was 'n man wat
standvastig was in die geloof van
Christus, en hy het met 'n eed [a]ge-
sweer om sy volk, sy regte, en sy
land, en sy godsdiens te verde-
dig, en wel tot die verlies van sy
bloed.
14 Nou is die Nefiete geleer om
hulself te verdedig teen hulle vy-
ande, en wel tot die vergieting van
bloed as dit nodig was; ja, en hulle
is ook geleer om [a]nooit aanstoot te
gee nie, ja, en om nooit die swaard
op te hef nie behalwe as dit was
teen 'n vyand, behalwe as dit was
om hulle lewens te bewaar.
15 En dit was hulle geloof, dat
deur so te doen sou God hulle
voorspoedig maak in die land,
of met ander woorde, as hulle
getrou was in die onderhouding
van die gebooie van God, dat Hy
hulle voorspoedig sou maak in
die land; ja, hulle waarsku om te
vlug, of om voor te berei vir oor-
log, ooreenkomstig hulle gevaar.
16 En ook, dat God dit aan
hulle bekend sou maak waarheen
hulle moes gaan om hulleself te
verdedig teen hulle vyande, en
deur dit so te doen, sou die Here
hulle verlos; en dit was die geloof
van Moroni, en sy hart het hom
daarin verbly; [a]nie in die vergie-
ting van bloed nie maar om goed
te doen, deur sy mense te bewaar;
ja, deur die gebooie van God te
onderhou, ja, en ongeregtigheid
te weerstaan.
17 Ja, voorwaar, voorwaar, ek
sê vir julle, as alle mense gewees
het, en was en altyd sou wees
soos Moroni, kyk, al die magte
van die hel sou geskud gewees
het vir ewig; ja, die [a]duiwel sou
nooit mag hê oor die harte van die
kinders van mense nie.
18 Kyk, hy was 'n man soos Am-
mon, die seun van Mosia, ja, en ook
soos die ander seuns van Mosia,
ja, en ook Alma en sy seuns, want
hulle was almal manne van God.
19 Nou kyk, Helaman en sy
broers was nie minder diensbaar
aan die volk as Moroni nie; want
hulle het die woord van God ge-
preek, en hulle het alle mense
wat ook al wou ag slaan op hulle
woorde gedoop tot bekering.
20 En so het hulle uitgegaan, en
die volk het hulle [a]verootmoedig
vanweë hulle woorde, in soverre
dat hulle hoog [b]begunstig was
deur die Here, en dus was hulle
vry van oorloë en twiste onder
hulleself, ja, en wel vir 'n tydperk
van vier jaar.

12*a* GS Welsyn.
13*a* Alma 46:20–22.
14*a* Alma 43:46–47;
3 Ne. 3:20–21;
Morm. 3:10–11;
L&V 98:16.
16*a* Alma 55:19.
17*a* 1 Ne. 22:26;
3 Ne. 6:15.
20*a* GS Nederig,
Nederigheid.
*b* 1 Ne. 17:35.

21 Maar, soos ek gesê het, teen die einde van die negentiende jaar, ja, nieteenstaande hulle vrede onder mekaar, was hulle teësinnig verplig om teen hulle broers, die Lamaniete, te veg.

22 Ja, en kortom, hulle oorloë het nooit opgehou vir 'n tydperk van baie jare met die Lamaniete, nieteenstaande hulle groot teësinnigheid nie.

23 Nou, hulle was [a]jammer om wapens op te neem teen die Lamaniete, omdat hulle nie behae geskep het in die vergieting van bloed nie; ja, en dit was nie al nie—hulle was jammer om die oorsaak te wees om sovele van hulle broers uit hierdie wêreld te stuur, in 'n ewige wêreld in, onvoorbereid om hulle God te ontmoet.

24 Nogtans, hulle kon nie toelaat om hulle lewens neer te lê nie, sodat hulle [a]vroue en kinders uitgemoor word deur die barbaarse wreedheid van diegene wat eens hulle broers was, ja, en wat [b]afgeval het van hul kerk, en hulle verlaat het, en gegaan het om hulle te vernietig deur aan te sluit by die Lamaniete nie.

25 Ja, hulle kon nie verdra dat hulle broers hulle moes verheug oor die bloed van die Nefiete nie, solank daar nog eniges was wat die gebooie van God sou onderhou, want die belofte van die Here was, as hulle sy gebooie sou onderhou, sou hulle voorspoedig wees in die land.

## HOOFSTUK 49

*Die invallende Lamaniete is nie in staat om die versterkte stede van Ammoniha en Noag in te neem nie—Amalikia vervloek God en sweer om die bloed van Moroni te drink—Helaman en sy broers hou aan om die kerk te versterk. Ongeveer 72 v.C.*

En nou het dit gebeur in die elfde maand van die negentiende jaar, op die tiende dag van die maand, is die leërs van die Lamaniete gewaar wat nader kom aan die land Ammoniha.

2 En kyk, die stad was herbou, en Moroni het 'n leër opgestel by die grense van die stad, en hulle het grond rondom opgewerp om hulle te beskerm teen die pyle en die klippe van die Lamaniete; want kyk, hulle het geveg met klippe en met pyle.

3 Kyk, ek het gesê dat die stad [a]Ammoniha herbou was. Ek sê vir julle, ja, dat dit gedeeltelik herbou was; en omdat die Lamaniete dit eenkeer vernietig het vanweë die ongeregtigheid van die volk, het hulle veronderstel dat dit weer vir hulle 'n maklike prooi sou word.

4 Maar kyk, hoe groot was hulle teleurstelling; want kyk, die Nefiete het 'n wal van grond rondom hulle opgewerp, wat so hoog was dat die Lamaniete nie hulle klippe en hulle pyle op hulle kon werp dat dit 'n uitwerking kon hê nie,

23*a* L&V 42:45.
24*a* Alma 46:12.
*b* GS Afval.
**49** 3*a* Alma 16:2–3, 9, 11.

nóg kon hulle hul oorval, behalwe by hulle plek van ingang.

5 Nou op hierdie tydstip was die hoofkapteins van die Lamaniete uitermate verbaas, vanweë die wysheid van die Nefiete om hulle plekke van veiligheid voor te berei.

6 Nou het die leiers van die Lamaniete veronderstel, as gevolg van die grootheid van hulle getalle, ja, hulle het veronderstel dat hulle die voorreg sou hê om op hulle af te kom soos hulle tot dusver gedoen het; ja, en hulle het hulleself ook voorberei met skilde, en met borsplate; en hulle het hulself ook voorberei met klere van vel, ja, baie dik klere om hulle naaktheid te bedek.

7 En omdat hulle aldus voorberei was, het hulle veronderstel dat hulle maklik hulle broers sou oorweldig en onderwerp aan die juk van slawerny, of hulle dood en uitmoor volgens hulle welbehae.

8 Maar kyk, tot hulle uiterste verbasing, was hulle [a]voorbereid vir hulle, op 'n wyse wat nog nooit bekend was onder die kinders van Lehi nie. Nou, hulle was gereed vir die Lamaniete, om te veg volgens die opdragte van Moroni.

9 En dit het gebeur dat die Lamaniete, of die Amalikiahiete, uitermate verbaas was oor hulle manier van voorbereiding vir oorlog.

10 Nou, as koning Amalikia afgekom het uit die [a]land Nefi, aan die hoof van sy leër, sou hy miskien die Lamaniete die Nefiete laat aanval het by die stad Ammoniha; want kyk, hy het nie omgegee vir die bloed van sy volk nie.

11 Maar kyk, Amalikia het nie self afgekom om te veg nie. En kyk, sy hoofkapteins het nie gedurf om die Nefiete aan te val by die stad Ammoniha nie, want Moroni het die bestuur van sake gewysig onder die Nefiete, in soverre dat die Lamaniete teleurgesteld was oor hulle plekke van skuiling en hulle kon nie op hulle afkom nie.

12 Daarom het hulle teruggetrek in die wildernis, en hulle kamp opgeneem en gemarsjeer in die rigting van die land Noag, veronderstellend dat dit die tweede beste plek was vir hulle om teen die Nefiete op te trek.

13 Want hulle het nie geweet dat Moroni sy [a]forte van veiligheid gebou of versterk het vir elke stad in die hele land rondomheen nie; daarom het hulle voortgemarsjeer na die land Noag met 'n vaste voorneme; ja, hulle hoofkapteins het na vore gekom en het 'n eed geneem dat hulle die volk van daardie stad sou vernietig.

14 Maar kyk, tot hulle verbasing, het die stad Noag, wat tot dusver 'n swak plek was, nou, deur Moroni se toedoen, sterk geword, ja, en wel om die sterkte van die stad Ammoniha te oortref.

15 En nou, kyk, dit was wysheid

8*a* Alma 48:7–10.
10*a* 2 Ne. 5:8; Omni 1:12; Alma 47:1.
13*a* Alma 48:8.

in Moroni; want hy het veronder-
stel dat hulle bevrees sou wees
vir die stad Ammoniha; en aange-
sien die stad Noag tot dusver die
swakste deel van die land was,
daarom sou hulle daarheen mar-
sjeer om te veg; en so was dit vol-
gens sy begeertes.
16 En kyk, Moroni het Lehi aan-
gestel om hoofkaptein te wees oor
die manne van daardie stad; en
dit was daardie [a]selfde Lehi wat
geveg het met die Lamaniete in
die vallei aan die ooste van die
Sidon-rivier.
17 En nou, kyk, dit het gebeur,
dat toe die Lamaniete ontdek dat
Lehi bevel gevoer het oor die stad,
was hulle weer teleurgestel, want
hulle het Lehi uitermate gevrees;
nietemin het hulle hoofkapteins
met ʼn eed gesweer om die stad
aan te val; daarom, hulle het hul
leërs laat opruk.
18 Nou kyk, die Lamaniete kon
op geen ander wyse by hulle forte
van skuiling inkom nie behalwe
by die ingang, vanweë die hoogte
van die wal wat opgewerp was,
en die diepte van die sloot wat
rondom gegrawe was, behalwe
by die ingang.
19 En so was die Nefiete voor-
berei om diegene te vernietig wat
sou probeer om op te klim om die
fort binne te gaan by enige ander
plek, deur klippe en pyle oor te
werp na hulle.
20 Dus was hulle gereed, ja, ʼn
groep van hulle sterkste manne,
met hulle swaarde en hulle slin-
gers, om almal neer te vel wat sou
probeer om in hulle plek van vei-
ligheid te kom deur die plek van
ingang; en dus was hulle voorbe-
reid om hulleself te verdedig teen
die Lamaniete.
21 En dit het gebeur dat die kap-
teins van die Lamaniete hulle
leërs laat opruk het voor die plek
van ingang, en het begin om met
die Nefiete te veg om in te kom
by hulle plek van veiligheid; maar
kyk, hulle is teruggedryf van tyd
tot tyd, in soverre dat hulle ge-
slag is met ʼn geweldige slagting.
22 Nou toe hulle agterkom dat
hulle nie mag oor die Nefiete
kon verkry deur die ingang nie,
het hulle begin om die walle
van grond af te grawe dat hulle
ʼn deurgang mag kry na hulle
leërs, sodat hulle ʼn gelyke kans
mag kry om te veg; maar kyk, in
hierdie pogings is hulle wegge-
vee deur die klippe en pyle wat
op hulle gewerp is; en in stede
om hulle slote op te vul deur
die walle van grond af te breek,
is hulle in ʼn mate opgevul met
hulle dooie en gewonde liggame.
23 So het die Nefiete alle mag
gehad oor hulle vyande; en so
het die Lamaniete probeer om die
Nefiete te vernietig, totdat hulle
hoofkapteins almal gedood is; ja,
en meer as ʼn duisend van die La-
maniete is gedood; terwyl, aan
die anderkant, daar nie ʼn enkele
siel onder die Nefiete was wat ge-
dood was nie.
24 Daar was omtrent vyftig wat

16*a* Alma 43:35.

gewond was, wat blootgestel was aan die pyle van die Lamaniete deur die ingang, maar hulle is deur hulle skilde beskerm, en hulle borsplate, en hulle helms, in soverre dat hulle wonde aan hulle bene was, sommige waarvan baie ernstig was.

25 En dit het gebeur, dat toe die Lamaniete gesien het dat hulle hoofkapteins almal gedood is, het hulle die wildernis ingevlug. En dit het gebeur dat hulle teruggekeer het na die land Nefi, om hulle koning, Amalikia in te lig, wat 'n Nefiet van geboorte was, aangaande hulle groot verlies.

26 En dit het gebeur dat hy uitermate vertoornd was op sy volk, omdat hy nie sy wens oor die Nefiete kon kry nie; hy het hulle nie onderwerp aan die juk van slawerny nie.

27 Ja, hy was uitermate vertoornd, en hy het God [a]gevloek, en ook Moroni, en met 'n [b]eed gesweer dat hy sy bloed sou drink; en dit omdat Moroni die gebooie van God onderhou het ter voorbereiding vir die veiligheid van sy volk.

28 En dit het gebeur, dat aan die anderkant, het die volk van Nefi die Here hulle God [a]gedank, vanweë sy ongeëwenaarde krag om hulle te bevry uit die hande van hulle vyande.

29 En so het die negentiende jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi geëindig.

30 Ja, en daar was voortdurende vrede onder hulle, en uitermate groot voorspoed in die kerk vanweë hulle aandag en ywer wat hulle aan die woord van God gegee het, wat aan hulle verkondig is deur Helaman, en Sjiblon, en Corianton, en Ammon en sy broers, ja, en deur al diegene wat geordineer is deur die [a]heilige orde van God, en gedoop is tot bekering, en uitgestuur is om te preek onder die volk.

## HOOFSTUK 50

*Moroni versterk die lande van die Nefiete—Hulle bou baie nuwe stede—Oorloë en vernietigings het oor die Nefiete gekom in die dae van hulle boosheid en gruwels—Morianton en sy afvalliges word verslaan deur Teankum—Nefiha sterf, en sy seun Pahoran vul die regterstoel. Ongeveer 72–67 v.C.*

En nou het dit gebeur dat Moroni nie opgehou het om voorbereidings te tref vir oorlog, of om sy volk te verdedig teen die Lamaniete nie; want hy het sy leërs laat begin met die aanvang van die twintigste jaar van die heerskappy van die regters, dat hulle sou begin om walle van grond op te werp rondom al die stede, dwarsdeur die hele land wat besit is deur die Nefiete.

2 En bo-op hierdie walle van

27*a* GS Laster, Godslastering.
*b* Hand. 23:12.
28*a* GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
30*a* Alma 43:2.

grond het hy hout laat oprig, ja,
bouwerke van hout opgebou tot
die hoogte van ʼn man, rondom
die stede.
3 En hy het op daardie bou-
werke van hout ʼn raam van skerp
pale laat oprig, gebou op die hout
rondom; en dit was sterk en hoog.
4 En hy het torings laat oprig
wat uitgekyk het op daardie bou-
werke van skerp pale, en hy het
plekke van veiligheid laat bou op
daardie torings, dat die klippe en
die pyle van die Lamaniete hulle
nie kon skaad nie.
5 En hulle was voorberei dat
hulle klippe kon afwerp vanaf
die bokant daarvan, volgens hulle
welbehae en hulle krag, en hom
dood wat sou poog om naby die
mure van die stad te kom.
6 So het Moroni vestings berei
teen die koms van hulle vyande,
rondom elke stad in die hele land.
7 En dit het gebeur dat Moroni
sy leërs laat uitgaan het in die
oostelike wildernis; ja, en hulle
het uitgegaan en het al die Lama-
niete uitgedryf wat in die ooste-
like wildernis was in hulle eie
lande, wat suid was van die land
Zarahemla.
8 En die land Nefi het in ʼn reg-
uit rigting gestrek van die ooste-
like see na die weste.
9 En dit het gebeur dat toe Mo-
roni al die Lamaniete uit die oos-
telike wildernis verdrywe het,
wat noord was van die lande
van hulle eie besittings, het hy
die inwoners wat in die land Za-
rahemla en in die land rondom
was laat uitgaan in die oostelike
wildernis, tot by die grense van
die seekus, en die land in besit
geneem.
10 En hy het ook leërs geplaas
in die suide, op die grense van
hulle besittings, en hulle [a]vestings
laat oprig sodat hulle hul leërs en
hulle mense kon beveilig teen die
hande van hulle vyande.
11 En so het hy al die vestings
van die Lamaniete in die ooste-
like wildernis afgesny, ja, en ook
in die weste, en hy het die lyn ver-
sterk tussen die Nefiete en die
Lamaniete, tussen die land Zara-
hemla en die land Nefi, vanaf die
westelike see, wat strek langs die
oorsprong van die Sidon-rivier—
sodat die Nefiete in besit was van
die hele land noordwaarts, ja, en
wel die hele land wat noord-
waarts was van die land Oor-
vloed, volgens hulle welbehae.
12 So het Moroni, met sy leërs,
wat daagliks toegeneem het van-
weë die versekering van besker-
ming wat sy werke voortgebring
het vir hulle, gesoek om die
sterkte en die mag van die Lama-
niete af te sny van die lande van
hulle besittings, sodat hulle geen
mag sou hê oor die land van hulle
besitting nie.
13 En dit het gebeur dat die Ne-
fiete die fondamente van ʼn stad
begin het, en hulle het die naam
van die stad Moroni genoem; en
dit was by die oostelike see; en
dit was aan die suide by die grens

**50** 10*a* Alma 49:18–22.

van die besittings van die Lama-
niete.
14 En hulle het ook ′n fonda-
ment begin vir ′n stad tussen die
stad Moroni en die stad Aäron,
wat die grense van Aäron en Mo-
roni verbind het, en hulle het die
naam van die stad, of die land,
Nefiha genoem.
15 En hulle het ook in dieselfde
jaar begin om baie stede te bou
in die noorde, een op ′n beson-
dere wyse wat hulle Lehi genoem
het, wat in die noorde was by die
grense van die seekus.
16 En so het die twintigste jaar
geëindig.
17 En in hierdie voorspoedige
omstandighede was die volk van
Nefi aan die begin van die een
en twintigste jaar van die heers-
kappy van die regters oor die
volk van Nefi.
18 En hulle was uitermate voor-
spoedig, en hulle het uitermate
ryk geword; ja, en hulle het ver-
menigvuldig en sterk geword in
die land.
19 En so sien ons hoe barmhar-
tig en regverdig is al die hande-
linge van die Here, ter vervulling
van al sy woorde aan die kinders
van mense; ja, ons kan sien dat sy
woorde bewaarheid word, ook in
hierdie tyd, wat Hy met Lehi ge-
spreek, en gesê het:
20 Geseënd is jy en jou kinders;
en hulle sal geseënd wees, in so-
verre hulle my gebooie sal on-
derhou, sal hulle voorspoedig
wees in die land. Maar onthou,
in soverre hulle nie my gebooie
sal onderhou nie, sal hulle [a]afge-
sny word van die teenwoordig-
heid van die Here.
21 En ons sien dat hierdie belof-
tes bewaarheid is aan die volk van
Nefi; want dit was hulle rusies en
hulle twiste, ja, hulle moorde, en
hulle geplunder, hulle afgodery,
hulle hoererye, en hulle gruwels,
wat onder hulleself was, wat oor
hulle hul oorloë en hulle vernie-
tiging gebring het.
22 En diegene wat getrou was
in die onderhouding van die ge-
booie van die Here is te alle tye
verlos, terwyl duisende van hulle
goddelose broers tot slawerny
toegewys is, óf om te vergaan
deur die swaard, óf om te kwyn
in ongeloof en te vermeng met die
Lamaniete.
23 Maar kyk, daar was nooit ′n
[a]gelukkiger tyd onder die volk
van Nefi nie, vanaf die dae van
Nefi, as in die dae van Moroni, ja,
en wel in hierdie tyd, in die een
en twintigste jaar van die heers-
kappy van die regters.
24 En dit het gebeur dat die
twee en twintigste jaar van die
heerskappy van die regters ook
in vrede geëindig het; ja, en ook
die drie en twintigste jaar.
25 En dit het gebeur dat aan die
begin van die vier en twintigste
jaar van die heerskappy van die
regters, sou daar ook vrede onder
die volk van Nefi gewees het, as
dit nie was vir ′n [a]twis wat plaas-
gevind het onder hulle aangaande

20*a* L&V 1:14.
23*a* Mosia 2:41.
25*a* GS Twis.

die land Lehi, en die land Morianton, wat gestrek het tot by die grense van Lehi nie; beide waarvan aan die grense van die seekus was.

26 Want kyk, die mense wat die land Morianton besit het, het ′n deel geëis van die land Lehi; daarom het daar ′n hete twis begin ontstaan onder hulle, in soverre dat die volk van Morianton wapens opgeneem het teen hulle broers, en hulle was vasberade om hulle te dood deur die swaard.

27 Maar kyk, die mense wat die land Lehi besit het, het na die kamp van Moroni gevlug, en by hom om hulp gepleit; want kyk, hulle was nie verkeerd nie.

28 En dit het gebeur dat toe die volk van Morianton, wat aangevoer is deur ′n man wie se naam Morianton was, vind dat die volk van Lehi na Moroni se kamp gevlug het, was hulle uitermate bevrees dat die leër van Moroni op hulle sou afkom en hulle vernietig.

29 Daarom, Morianton het dit in hulle harte gelê dat hulle moes vlug na die land wat noordwaarts was, wat oordek was met groot massas water, en besit neem van die land wat noordwaarts was.

30 En kyk, hulle sou hierdie plan uitgevoer het, (wat ′n rede sou gewees het om te betreur) maar kyk, Morianton, omdat hy ′n man was van veel hartstog, daarom was hy vertoornd op een van sy diensmaagde, en hy het haar aangeval en haar baie geslaan.

31 En dit het gebeur dat sy gevlug het, en oorgekom het na die kamp van Moroni, en aan Moroni alle dinge vertel het omtrent die saak, en ook omtrent hulle voornemens om na die land noordwaarts te vlug.

32 Nou kyk, die mense wat in die land Oorvloed was, of eerder Moroni, het gevrees dat hulle sou ag slaan op die woorde van Morianton en verenig met sy volk, en so sou hy besit verkry van daardie dele van die land, wat ′n fondament sou lê vir ernstige gevolge onder die volk van Nefi, ja, welke gevolge sou lei tot die omverwerping van hulle [a]vryheid.

33 Daarom het Moroni ′n leër gestuur, met hulle kamp, om die volk van Morianton voor te keer, om hulle vlug na die land noordwaarts te stop.

34 En dit het gebeur dat hulle hul nie gekeer het totdat hulle by die grense van die land [a]Verlatenheid gekom het nie; en daar het hulle hul voorgekeer, by die smal pas wat gelei het langs die see na die land noordwaarts, ja, langs die see, aan die westekant en aan die oostekant.

35 En dit het gebeur dat die leër wat deur Moroni gestuur is, wat aangevoer is deur ′n man wie se naam Teankum was, die mense van Morianton teëgekom het; en so hardkoppig was die mense van Morianton, (omdat hulle aangevuur is deur sy boosheid en sy vleiende woorde) dat ′n veldslag

32*a* GS Vry, Vryheid.

34*a* Alma 46:17.

begin het tussen hulle, waarin Teankum vir Morianton gedood en sy leër verslaan het, en hulle gevange geneem het, en teruggekeer het na die kamp van Moroni. En so het die vier en twintigste jaar van die heerskappy van die regters geëindig oor die volk van Nefi.

36 En so is die volk van Morianton teruggebring. En nadat hulle 'n verbond gesluit het om die vrede te bewaar, is hulle herstel tot die land Morianton, en 'n vereniging het plaasgevind tussen hulle en die volk van Lehi; en hulle is ook herstel tot hul grond.

37 En dit het gebeur dat in dieselfde jaar dat vrede herstel is aan die volk van Nefi, dat Nefiha, die tweede hoofregter gesterwe het, en hy het die regterstoel met volkome opregtheid voor God gevul.

38 Nogtans het hy geweier dat Alma besit neem van daardie kronieke en daardie dinge wat deur Alma en sy vaders geag is om hoogheilig te wees; daarom het Alma hulle oorgedra aan sy seun, Helaman.

39 Kyk, dit het gebeur dat die seun van Nefiha aangestel is om die regterstoel te vul, in die plek van sy vader; ja, hy is aangestel as hoofregter en goewerneur oor die volk, met 'n eed en heilige ordinansie om regverdig te oordeel, en om die vrede te bewaar en die vryheid van die volk, en om aan hulle hul heilige voorregte te gun om die Here hulle God te aanbid, ja, om die saak van God te ondersteun en te handhaaf al sy dae, en om die bose te bring tot die geregtigheid ooreenkomstig hulle misdaad.

40 Nou kyk, sy naam was Pahoran. En Pahoran het die stoel van sy vader gevul, en het sy heerskappy begin aan die einde van die vier en twintigste jaar, oor die volk van Nefi.

## HOOFSTUK 51

*Koningsmanne poog om die wet te verander en 'n koning te vestig—Pahoran en die vrymanne word ondersteun deur die stem van die volk—Moroni verplig die koningsmanne om hulle land te verdedig of om doodgemaak te word—Amalikia en die Lamaniete neem baie versterkte stede in—Teankum weer die Lamanitiese inval af en dood Amalikia in sy tent. Ongeveer 67–66 v.C.*

En nou het dit gebeur aan die begin van die vyf en twintigste jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi, nadat hulle vrede gevestig het tussen die volk van Lehi en die volk van Morianton, aangaande hulle grondgebiede, en nadat hulle die vyf en twintigste jaar in vrede begin het;

2 Nogtans het hulle nie lank 'n volkome vrede in die land bewaar nie, want daar het 'n twis begin ontstaan onder die mense aangaande die hoofregter Pahoran; want kyk, daar was 'n gedeelte van die volk wat wou gehad het

dat ′n paar besondere punte van die wet verander moes word.

3 Maar kyk, Pahoran wou dit nie verander nie, nóg toelaat dat die wet verander word; daarom het hy nie ag geslaan op diegene wat hulle stemme verhef het saam met hulle versoeke aangaande die verandering van die wet nie.

4 Daarom, diegene wat begerig was dat die wet verander moes word, was vertoornd op hom, en wou hê dat hy nie langer hoofregter moes wees oor die land nie; daarom het daar ′n hete stryd ontstaan aangaande die saak, maar nie tot bloedvergieting toe nie.

5 En dit het gebeur dat diegene wat begerig was dat Pahoran onttroon moes word van die regterstoel, is koningsmanne genoem, want hulle was begerig dat die wet gewysig moes word op ′n wyse om die vrye regering omver te werp, en om ′n koning oor die land te vestig.

6 En diegene wat begerig was dat Pahoran hoofregter moes bly oor die land, het op hulle die naam van vrymanne geneem; en so was die verdeeldheid onder hulle, want die vrymanne het gesweer of ′n verbond gesluit om hulle regte en die voorregte van hulle godsdiens deur ′n vrye regering te handhaaf.

7 En dit het gebeur dat hierdie saak van hulle twis deur die stem van die volk beslis is. En dit het gebeur dat die stem van die volk uitgekom het ten gunste van die vrymanne, en Pahoran het die regterstoel behou, wat groot blydskap veroorsaak het onder die broers van Pahoran en ook baie van die mense van vryheid, wat ook die koningsmanne die swye opgelê het, dat hulle nie gedurf het om teenstand te bied nie, maar verplig was om die saak van vrede te handhaaf.

8 Nou diegene wat ten gunste was van konings, was diegene van [a]adellike afkoms, en hulle het gesoek om konings te word; en hulle is gesteun deur diegene wat mag en gesag gesoek het oor die volk.

9 Maar kyk, dit was ′n kritieke tyd vir sulke twiste om onder die volk van Nefi te wees; want kyk, Amalikia het weer die harte van die volk van die Lamaniete opgestook teen die volk van die Nefiete, en hy was besig om soldate bymekaar te maak uit alle dele van sy land, en hulle te bewapen, en voor te berei vir oorlog met alle ywer; want hy het [a]gesweer om die bloed van Moroni te drink.

10 Maar kyk, ons sal sien dat sy belofte wat hy gemaak het, onbedag was; nogtans, hy het homself en sy leërs voorberei om in die stryd te kom teen die Nefiete.

11 Nou, sy leërs was nie so groot soos hulle voorheen was nie, vanweë die baie duisende wat gedood is deur die hand van die Nefiete; maar nieteenstaande hulle groot verlies, het Amalikia

**51** 8*a* GS Hoogmoed.
9*a* Alma 49:26–27.

'n wonderlike groot leër byme-
kaargemaak, in soverre dat hy nie
gevrees het om af te kom na die
land Zarahemla nie.
12 Ja, selfs Amalikia het self af-
gekom, aan die hoof van die La-
maniete. En dit was in die vyf
en twintigste jaar van die heers-
kappy van die regters; en dit was
op dieselfde tyd toe hulle begin
het om die saak te beslis van hulle
twis aangaande die hoofregter,
Pahoran.
13 En dit het gebeur dat toe die
manne wat koningsmanne ge-
noem is, gehoor het dat die La-
maniete aan die kom was om teen
hulle te veg, was hulle bly in hulle
harte; en hulle het geweier om
wapens op te neem, want hulle
was so vertoornd op die hoofreg-
ter, en ook op die [a]mense van vry-
heid, dat hulle nie wapens wou
opneem om hulle land te verde-
dig nie.
14 En dit het gebeur dat toe Mo-
roni dit gesien het, en ook gesien
het dat die Lamaniete die grense
van die land binnekom, was hy
uitermate vertoornd vanweë die
hardnekkigheid van daardie volk
met wie hy met soveel ywer ge-
arbei het om te behou; ja, hy was
uitermate vertoornd; sy siel was
vervul met toorn teen hulle.
15 En dit het gebeur dat hy 'n
versoekskrif gestuur het, met die
stem van die volk, aan die goe-
werneur van die land, en gevra
dat hy dit moes lees, en om hom
(Moroni) mag te gee om daardie
afvalliges te dwing om hulle land
te verdedig of om hulle dood te
maak.
16 Want dit was sy eerste be-
sorgdheid om 'n einde te maak
aan sulke twiste en onenighede
onder die volk; want kyk, dit was
voorheen 'n oorsaak van al hul
vernietiging. En dit het gebeur
dat dit gegun is volgens die stem
van die volk.
17 En dit het gebeur dat Moroni
beveel het dat sy leërs teen daar-
die koningsmanne moes gaan om
hulle hoogmoed en hulle adellik-
heid te beëindig en hulle gelyk
te maak met die aarde, of anders
moes hulle wapens opneem en
die saak van vryheid ondersteun.
18 En dit het gebeur dat die leërs
uitgemarsjeer het teen hulle; en
hulle het hul hoogmoed en hulle
adellikheid beëindig, in soverre
dat toe hulle hul wapens van oor-
log opgeneem het om te veg teen
die manne van Moroni, is hulle
neergevel en gelykgemaak met
die grond.
19 En dit het gebeur dat daar
vierduisend van daardie [a]afvalli-
ges was wat afgemaai is met die
swaard; en diegene van hul leiers
wat nie gedood is in die stryd nie,
is geneem en in die gevangenis
gewerp, want daar was geen tyd
vir hulle verhore op hierdie tyd-
stip nie.
20 En die oorblywendes van
daardie afvalliges, eerder as
om na die aarde neergevel te
word met die swaard, het hul

13*a* Alma 46:10–16.
19*a* Alma 60:16.

onderwerp aan die [a]vaandel van vryheid, en was verplig om die vaandel van vryheid op hulle torings te hys, en in hulle stede, en om wapens op te neem ter verdediging van hulle land.

21 En so het Moroni 'n einde gemaak aan daardie koningsmanne, dat daar niemand meer bekend was as koningsmanne nie; en so het hy 'n einde gemaak aan die hardnekkigheid en hoogmoed van daardie mense wat voorgegee het om die bloed van adellikes te hê; maar hulle is neergebring om hulself te verootmoedig soos hulle broers, en om dapper te veg vir hulle vryheid van slawerny.

22 Kyk, dit het gebeur dat terwyl [a]Moroni op hierdie wyse besig was om die oorloë en twiste onder sy eie volk te beëindig, en hulle te onderwerp aan vrede en beskawing, en verordinge te maak om voor te berei vir oorlog teen die Lamaniete, kyk, die Lamaniete het die land Moroni binnegekom, wat aan die grense by die seekus was.

23 En dit het gebeur dat die Nefiete nie sterk genoeg was in die stad Moroni nie, daarom het Amalikia hulle verdryf, en baie gedood. En dit het gebeur dat Amalikia die stad in besit geneem het, ja, besit geneem het van al hulle versterkings.

24 En diegene wat uit die stad Moroni gevlug het, het by die stad Nefiha gekom; en ook die mense van die stad Lehi het hulleself bymekaargemaak, en voorbereidings getref en was gereed om die Lamaniete die stryd aan te sê.

25 Maar dit het gebeur dat Amalikia nie wou toelaat dat die Lamaniete teen die stad Nefiha in die stryd tree nie, maar het hulle onder by die seekus gehou, terwyl hy manne in elke stad gelaat het om dit te behou en te verdedig.

26 En so het hy voortgegaan, en besit geneem van baie stede, die stad Nefiha, en die stad Lehi, en die stad Morianton, en die stad Omner, en die stad Gid, en die stad Mulek, almal wat by die oostelike grense was aan die seekus.

27 En so het die Lamaniete, deur die sluheid van Amalikia, so baie stede verkry, deur hulle tallose leërskares, almal wat baie versterk was, volgens die manier van die [a]versterkings van Moroni; almal wat vestings verskaf het vir die Lamaniete.

28 En dit het gebeur dat hulle na die grense van die land Oorvloed gemarsjeer het, terwyl hulle die Nefiete voor hulle uitgedrywe en baie gedood het.

29 Maar dit het gebeur dat hulle deur Teankum ontmoet is, wat Morianton [a]gedood het en sy volk voorgekeer het in sy vlug.

30 En dit het gebeur dat hy Amalikia ook voorgekeer het, terwyl hy voortgemarsjeer het met sy talryke leër, sodat hy besit mag

20*a* Alma 46:12–13.
22*a* GS Moroni, Kaptein.
27*a* Alma 48:8–9.
29*a* Alma 50:35.

neem van die land Oorvloed, en ook die land noordwaarts.

31 Maar kyk, hy het 'n teleurstelling ervaar deurdat hy teruggedryf is deur Teankum en sy manne, want hulle was groot krygers; want elke man van Teankum het die Lamaniete oortref in hulle krag en hulle oorlogsvernuf, in soverre dat hulle voordeel behaal het oor die Lamaniete.

32 En dit het gebeur dat hulle hul getreiter het, in soverre dat hulle hul gedood het totdat dit donker was. En dit het gebeur dat Teankum en sy manne hulle tente opgeslaan het op die grense van die land Oorvloed; en Amalikia het sy tente opgeslaan op die grense van die strand aan die seekus, en volgens hierdie wyse is hulle voortgedrywe.

33 En dit het gebeur dat toe dit nag geword het, het Teankum en sy dienskneg uitgesluip en gedurende die nag uitgegaan, en ingegaan in die kamp van Amalikia; en kyk, die slaap het hulle oorweldig vanweë hulle groot uitputting, wat veroorsaak is deur die arbeid en hitte van die dag.

34 En dit het gebeur dat Teankum versigtig ingesluip het in die tent van die koning, en het 'n spies in sy hart gesteek; en hy het onmiddellik die dood van die koning veroorsaak sodat hy nie sy diensknegte wakker gemaak het nie.

35 En hy het weer in die geheim na sy eie kamp teruggekeer, en kyk, sy manne was aan die slaap, en hy het hulle wakker gemaak en hulle al die dinge vertel wat hy gedoen het.

36 En hy het sy leërs in gereedheid laat staan, uit vrees dat die Lamaniete wakker geword het en op hulle sou afkom.

37 En so eindig die vyf en twintigste jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi; en so eindig die dae van Amalikia.

## HOOFSTUK 52

*Ammoron volg Amalikia op as koning van die Lamaniete—Moroni, Teankum, en Lehi lei die Nefiete in 'n oorwinningsoorlog teen die Lamaniete—Die stad Mulek word teruggeneem, en Jakob die Zoramiet word gedood. Ongeveer 66–64 v.C.*

En nou, dit het gebeur in die ses en twintigste jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi, kyk, toe die Lamaniete wakker word op die eerste oggend van die eerste maand, kyk, het hulle gevind dat Amalikia dood was in sy eie tent; en hulle het ook gesien dat Teankum gereed was om hulle die stryd aan te sê op daardie dag.

2 En nou, toe die Lamaniete dit sien, was hulle verskrik; en hulle het hul plan laat vaar om die land noordwaarts binne te marsjeer, en teruggetrek met hulle hele leër na die stad Mulek, en beskerming gesoek in hul versterkings.

3 En dit het gebeur dat die broer van Amalikia aangestel is as koning oor die volk; en sy naam was Ammoron; so is koning

Ammoron, die broer van koning Amalikia, aangestel om in sy plek te heers.

4 En dit het gebeur dat hy beveel het dat sy mense daardie stede moes behou, wat hulle ingeneem het deur die vergieting van bloed; want hulle het geen stede ingeneem nie tensy hulle baie bloed verloor het.

5 En nou het Teankum gesien dat die Lamaniete vasberade was om daardie stede te behou wat hulle ingeneem het, en daardie dele van die land waarvan hulle besit verkry het, en toe hulle die grootheid van hulle getalle sien, het Teankum gedink dat dit nie raadsaam was dat hy sou probeer om hulle aan te val in hulle vestings nie.

6 Maar hy het sy manne rondom gehou, asof hy besig was om voorbereidings vir oorlog te tref; ja, en waarlik hy was besig om hom voor te berei om hom te verdedig teen hulle, deur walle rondom [a]op te werp en plekke van skuiling te berei.

7 En dit het gebeur dat hy so aangehou het om voor te berei vir oorlog, totdat Moroni ′n groot aantal manne gestuur het om sy leër te versterk.

8 En Moroni het ook bevele aan hom gestuur dat hy al die gevangenes moes behou wat in sy hande geval het; want in soverre die Lamaniete baie gevangenes geneem het, dat hy al die gevangenes moes behou van die Lamaniete as ′n losprys vir diegene wat die Lamaniete geneem het.

9 En hy het ook bevele aan hom gestuur dat hy die land Oorvloed moes versterk, en die [a]smal pas beveilig wat gelei het na die land noordwaarts, uit vrees dat die Lamaniete daardie punt sou bereik en mag sou hê om hulle van alle kante te treiter.

10 En Moroni het ook na hom gestuur, en hom gevra dat hy getrou moes wees in die behoud van daardie gedeelte van die land, en dat hy elke geleentheid moes soek om die Lamaniete te teister in daardie gedeelte, soveel as wat dit in sy vermoë was, sodat hy miskien weer deur strategie of op ′n ander wyse, daardie stede kon inneem wat uit hulle hande geneem is; en dat hy ook die stede rondom moes fortifiseer en versterk, wat nie in die hande van die Lamaniete geval het nie.

11 En hy het ook aan hom gesê: Ek wil na jou kom, maar kyk, die Lamaniete is op ons op die grense van die land by die westelike see; en kyk, ek trek op teen hulle, daarom kan ek nie na jou toe kom nie.

12 Nou, die koning (Ammoron) het vertrek uit die land Zarahemla, en het aan die koningin bekend gemaak aangaande die dood van sy broer, en het ′n groot aantal manne bymekaargemaak, en het uitgemarsjeer teen die Nefiete op die grense by die westelike see.

**52** 6*a* Alma 50:1–6; 53:3–5.
9*a* Alma 22:32; Morm. 2:29.

13 En so het hy gepoog om die Nefiete te treiter, en om ʼn deel van hul magte weg te lok na daardie gedeelte van die land, terwyl hy diegene wat hy agtergelaat het beveel het om die stede te beset wat hy ingeneem het, dat hulle ook die Nefiete moes treiter op die grense by die oostelike see, en moes besit neem van hulle grondgebied soveel as wat dit in hulle mag was, volgens die mag van hulle leërs.

14 En aldus was die Nefiete in daardie gevaarlike omstandighede aan die einde van die ses en twintigste jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi.

15 Maar kyk, dit het gebeur in die sewe en twintigste jaar van die heerskappy van die regters, dat Teankum, op bevel van Moroni—wat leërs opgestel het om die suidelike en westelike grense van die land te beskerm, en het sy opmars begin na die land Oorvloed, sodat hy Teankum mag bystaan met sy manne in die herowering van die stede wat hulle verloor het—

16 En dit het gebeur dat Teankum bevele ontvang het om ʼn aanval te loods op die stad Mulek, en om dit te herower indien dit moontlik was.

17 En dit het gebeur dat Teankum voorbereidings getref het om ʼn aanval te loods op die stad Mulek, en met sy leër teen die Lamaniete uit te marsjeer; maar hy het gesien dat dit onmoontlik was dat hy hulle kon oorweldig terwyl hulle in hul versterkings was; daarom het hy sy planne laat vaar en het weer teruggekeer na die stad Oorvloed, om te wag op die koms van Moroni, sodat hy krag mag ontvang vir sy leër.

18 En dit het gebeur dat Moroni met sy leër in die land Oorvloed aangekom het, in die laaste deel van die sewe en twintigste jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi.

19 En aan die begin van die agt en twintigste jaar het Moroni en Teankum en baie van die hoofkapteins ʼn beraad van oorlog gehou—oor wat hulle moes doen om die Lamaniete te laat uitkom om teen hulle te veg; of sodat hulle op een of ander wyse hulle kon lok om uit hul vestings te kom, sodat hulle die voordeel mag kry oor hulle, en weer die stad Mulek inneem.

20 En dit het gebeur dat hulle boodskappers na die leërs van die Lamaniete gestuur het, wat die stad Mulek beskerm het, aan hulle leier, wie se naam Jakob was, om hom te versoek om uit te kom met sy leërs om hulle te ontmoet op die vlaktes tussen die twee stede. Maar kyk, Jakob, wat ʼn Zoramiet was, wou nie uitkom met sy leër om hulle te ontmoet op die vlaktes nie.

21 En dit het gebeur dat Moroni, omdat hy geen hoop gehad het om hulle op gelyke grond te ontmoet nie, daarom het hy op ʼn plan besluit sodat hy die

Lamaniete uit hulle vestings kon
lok.
22 Daarom het hy Teankum 'n
klein getal manne laat neem en
afmarsjeer naby die seekus; en
Moroni en sy leër, gedurende
die nag, het die wildernis ingemarsjeer,
aan die westekant van
die stad Mulek; en dus die volgende
dag, toe die wagte van die
Lamaniete vir Teankum gewaar,
het hulle gehardloop en dit aan
Jakob, hul leier vertel.
23 En dit het gebeur dat die leërs
van die Lamaniete uitgemarsjeer
het teen Teankum, veronderstellend
om deur hulle getalle Teankum
te oorweldig vanweë die
geringheid van sy getalle. En toe
Teankum die leërs van die Lamaniete
sien uitkom teen hom, het
hy begin om terug te trek na die
seekus, noordwaarts.
24 En dit het gebeur dat toe die
Lamaniete sien dat hy begin het
om te vlug, het hulle moed geskep
en hulle agternagesit met
ywer. En terwyl Teankum so besig
was om die Lamaniete weg te
lei, wat hulle tevergeefs agternagesit
het, kyk, het Moroni beveel
dat 'n gedeelte van sy leër wat by
hom was, moes uitmarsjeer in die
stad, en dit inneem.
25 En so het hulle gedoen, en al
diegene gedood wat agtergelaat
is om die stad te beskerm, ja, al
diegene wat nie hulle wapens van
oorlog wou oorhandig nie.
26 En so het Moroni besit verkry
van die stad Mulek met 'n
gedeelte van sy leër, terwyl hy
gemarsjeer het met die oorblywendes
om die Lamaniete tegemoet
te gaan wanneer hulle sou
terugkeer van die agtervolging
van Teankum.
27 En dit het gebeur dat die Lamaniete
Teankum agternagesit
het totdat hulle naby die stad
Oorvloed gekom het, en toe is
hulle tegemoetgegaan deur Lehi
en 'n klein leër, wat agtergelaat is
om die stad Oorvloed te beskerm.
28 En nou kyk, toe die hoofkapteins
van die Lamaniete vir Lehi
en sy leër sien opkom teen hulle,
het hulle gevlug in veel verwarring,
ingeval hulle nie die stad
Mulek sou bereik voordat Lehi
hulle sou inhaal nie; want hulle
was moeg as gevolg van hul opmars,
en die manne van Lehi was
vars.
29 Nou het die Lamaniete nie
geweet dat Moroni op hulle agterhoede
was met sy leër nie, en
al wat hulle gevrees het, was Lehi
en sy manne.
30 Nou was Lehi nie gretig om
hulle in te haal nie, totdat hulle
Moroni en sy leër sou ontmoet.
31 En dit het gebeur dat voordat
die Lamaniete ver teruggetrek
het, is hulle omsingel deur
die Nefiete, deur die manne van
Moroni aan die een kant, en die
manne van Lehi aan die ander
kant, almal wat vars was en vol
krag; maar die Lamaniete was uitgeput
as gevolg van hulle lang
opmars.
32 En Moroni het sy manne beveel
dat hulle hul moes aanval

totdat hulle hul wapens van oorlog oorhandig het.

33 En dit het gebeur dat Jakob, omdat hy hulle leier was, en omdat hy ook 'n [a]Zoramiet was, en omdat hy 'n onoorwinlike gees gehad het, het hy die Lamaniete uitgelei om met uitermate drif teen Moroni te veg.

34 Omdat Moroni in die rigting van hulle opmars was, daarom was Jakob vasberade om hulle te gedood en sy pad oop te sny na die stad Mulek. Maar kyk, Moroni en sy manne was kragtiger; daarom het hulle nie gewyk voor die Lamaniete nie.

35 En dit het gebeur dat hulle aan beide kante geveg het met geweldige drif; en daar is baie gedood aan beide kante, ja, en Moroni is gewond en Jakob is gedood.

36 En Lehi het op hulle agterhoede aangeval met soveel drif met sy sterk manne, dat die Lamaniete op die agterhoede hulle wapens van oorlog oorhandig het; en die oorblywendes, omdat hulle baie verward was, het nie geweet waarheen om te gaan of om te veg nie.

37 Nou toe Moroni hulle verwarring sien, het hy aan hulle gesê: As julle jul wapens van oorlog sal bring en hulle oorhandig, kyk, sal ons ophou om julle bloed te vergiet.

38 En dit het gebeur dat toe die Lamaniete hierdie woorde gehoor het, het hulle hoofkapteins, al diegene wat nie gedood is nie, na vore gekom en hulle wapens van oorlog aan die voete van Moroni neergegooi, en ook hulle manne beveel dat hulle dieselfde moes doen.

39 Maar kyk, daar was baie wat nie wou nie; en diegene wat nie hulle swaarde wou oorhandig nie, is geneem en vasgebind, en hulle wapens van oorlog is van hulle afgeneem en hulle is gedwing om met hulle broers na die land Oorvloed te marsjeer.

40 En nou die getal gevangenes wat geneem is, het die getal van dié wat gedood is, oortref, ja, meer as diegene wat gedood is aan beide kante.

## HOOFSTUK 53

*Die Lamanitiese gevangenes word gebruik om die stad Oorvloed te versterk—Twiste onder die Nefiete lei tot Lamanitiese oorwinnings—Helaman neem bevel van die tweeduisend jong seuns van die volk van Ammon. Ongeveer 64–63 v.C.*

En dit het gebeur dat hulle wagte aangestel het oor die gevangenes van die Lamaniete en het hulle gedwing om uit te gaan en hulle dooies te begrawe, ja, en ook die dooies van die Nefiete wat gedood is; en Moroni het manne aangestel oor hulle om hulle te bewaak terwyl hulle hul take moes uitvoer.

2 En Moroni het saam met Lehi gegaan na die stad Mulek, en het

33*a* Alma 31:12.

bevel oor die stad geneem en dit
aan Lehi oorgedra. Nou kyk, hierdie
Lehi was ʼn man wat saam
met Moroni was in die grootste
gedeelte van al sy veldslae; en hy
was ʼn man [a]soos Moroni, en hulle
het hul verbly in mekaar se veiligheid;
ja, hulle het mekaar liefgehad,
en is ook deur die hele volk
van Nefi liefgehad.
3 En dit het gebeur dat nadat die
Lamaniete klaar hulle dooies begrawe
het en ook die dooies van
die Nefiete, is hulle teruggemarsjeer
na die land Oorvloed; en Teankum,
op bevel van Moroni, het
hulle laat begin werk om ʼn sloot
te grawe rondom die land, of die
stad, Oorvloed.
4 En hy het hulle ook ʼn [a]borswering
van hout laat bou op die
binneste wal van die sloot; en
hulle het grond uit die sloot opgewerp
teen die borswering van
hout; en so het hulle die Lamaniete
laat werk totdat hulle die
stad Oorvloed omring het met ʼn
sterk muur van hout en grond, tot
ʼn buitengewone hoogte.
5 En hierdie stad het ʼn buitengewone
vesting geword vir altyd
daarna; en in hierdie stad
het hulle die gevangenes van
die Lamaniete bewaak; ja, en
wel binne ʼn muur wat hulle laat
bou het met hul eie hande. Nou,
Moroni was verplig om die Lamaniete
te laat werk, omdat dit
maklik was om hulle te bewaak
terwyl hulle werk; en hy het al
sy magte benodig wanneer hy ʼn
aanval op die Lamaniete moes
loods.
6 En dit het gebeur dat Moroni
sodoende ʼn oorwinning behaal
het oor een van die grootste van
die leërs van die Lamaniete, en
het besit gekry van die stad Mulek,
wat een van die sterkste vestings
van die Lamaniete in die
land Nefi was; en so het hy ook
ʼn vesting gebou om sy gevangenes
te behou.
7 En dit het gebeur dat hy nie
meer probeer het om teen die Lamaniete
te veg in daardie jaar nie,
maar hy het sy manne gebruik om
voor te berei vir oorlog, ja, en met
die maak van versterkings om te
waak teen die Lamaniete, ja, en
ook om hulle vroue en hulle kinders
te verlos van hongersnood
en verdrukking, en voedsel te
voorsien vir hulle leërs.
8 En nou het dit gebeur dat die
leërs van die Lamaniete, by die
westelike see, suid, tydens die
afwesigheid van Moroni as gevolg
van ʼn sameswering onder
die Nefiete, wat onenigheid veroorsaak
het onder hulle, ʼn bietjie
grond gewen het van die Nefiete,
ja, in soverre dat hulle besit verkry
het van ʼn aantal van hulle
stede in daardie deel van die land.
9 En dus, as gevolg van ongeregtigheid
onder hulleself, ja, as
gevolg van twiste en sameswerings
onder hulleself, is hulle in
die allergevaarlikste omstandighede
geplaas.
10 En nou, kyk, ek het ietwat

**53** 2*a* Alma 48:16–17.
4*a* Alma 50:2–3.

om te sê aangaande die [a]volk van Ammon, wat, aan die begin, Lamaniete was; maar deur Ammon en sy broers, of eerder, deur die krag en woord van God, hulle [b]bekeer is tot die Here; en hulle was afgebring na die land Zarahemla en was sedertdien beskerm deur die Nefiete.

11 En vanweë hulle eed is hulle daarvan weerhou om wapens op te neem teen hulle broers; want hulle het ʼn eed geneem dat hulle [a]nooit meer bloed sou vergiet nie; en volgens hulle eed sou hulle omgekom het; ja, hulle sou hulself toegelaat het om in die hande van hulle broers te val, as dit nie was vir die jammerhartigheid en die uitermate liefde wat Ammon en sy broers vir hulle gehad het nie.

12 En om hierdie rede is hulle afgebring na die land Zarahemla; en hulle was altyd [a]beskerm deur die Nefiete.

13 Maar dit het gebeur dat toe hulle die gevaar sien, en die baie verdrukkinge en beproewings wat die Nefiete ter wille van hulle verdra het, het hulle innig jammer vir hulle gevoel, en was [a]begerig om wapens op te neem ter verdediging van hulle land.

14 Maar kyk, toe hulle op die punt staan om hul wapens van oorlog op te neem, is hulle oorweldig deur die oorredings van Helaman en sy broers, want hulle het op die punt gestaan om die [a]eed te [b]verbreek wat hulle geneem het.

15 En Helaman het gevrees dat deur dít te doen sou hulle hul siele verloor; daarom is almal wat hierdie verbond gesluit het, gedwing om te aanskou hoe hulle broers deur hul verdrukkinge worstel, in hulle gevaarlike omstandighede in hierdie tyd.

16 Maar kyk, dit het gebeur dat hulle baie seuns gehad het wat nie ʼn verbond gesluit het dat hulle nie hul wapens van oorlog sou opneem om hulself te verdedig teen hulle vyande nie; daarom het hulle hulself bymekaargebring in hierdie tyd, soveel as wat in staat was om wapens op te neem, en hulle het hulself Nefiete genoem.

17 En hulle het ʼn verbond gesluit om te veg vir die vryheid van die Nefiete, ja, om die land te beskerm tot die neerlegging van hulle lewens; ja, hulle het selfs ʼn verbond gesluit dat hulle nooit hul [a]vryheid sou prysgee nie, maar dat hulle sou veg in alle omstandighede om die Nefiete en hulleself te beskerm teen slawerny.

18 Nou kyk, daar was tweeduisend van daardie jong manne wat hierdie verbond gesluit en hul wapens van oorlog opgeneem het om hul land te verdedig.

19 En nou kyk, waar hulle nooit voorheen ʼn nadeel vir die Nefiete was nie, het hulle nou op

10*a* Alma 27:24–26.
*b* Alma 23:8–13.
11*a* Alma 24:17–19.
12*a* Alma 27:23.
13*a* Alma 56:7.
14*a* GS Eed.
*b* Núm. 30:2.
17*a* Alma 56:47.
GS Vry, Vryheid.

die tydstip ook 'n groot steun geword; want hulle het hul wapens van oorlog opgeneem, en hulle wou hê dat Helaman hulle leier moes wees.

20 En hulle was almal jong manne, en hulle was uitermate dapper in [a]moed, en ook in krag en ywer; maar kyk, dit was nie al nie—hulle was manne wat [b]getrou was te alle tye in watter ding ook al aan hulle toevertrou was.

21 Ja, hulle was manne van waarheid en erns, want hulle was geleer om die gebooie van God te onderhou en om opreg te [a]wandel voor Hom.

22 En nou het dit gebeur dat Helaman aan die hoof van sy [a]tweeduisend jong soldate gemarsjeer het, ter ondersteuning van die volk op die grense van die land in die suide by die westelike see.

23 En so het die agt en twintigste jaar geëindig van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi.

## HOOFSTUK 54

*Ammoron en Moroni onderhandel vir die uitruiling van gevangenes—Moroni eis dat die Lamaniete terugtrek en hulle moorddadige aanvalle staak—Ammoron eis dat die Nefiete hulle wapens neerlê en onderdanig word aan die Lamaniete. Ongeveer 63 v.C.*

En nou het dit gebeur aan die begin van die nege en twintigste jaar van die regters, dat [a]Ammoron na Moroni gestuur het om te vra dat hy gevangenes moes uitruil.

2 En dit het gebeur dat Moroni gevoel het om uitermate te jubel oor hierdie versoek, want hy het die voorrade begeer wat uitgedeel is vir die onderhoud van die Lamanitiese gevangenes vir die onderhoud van sy eie mense; en hy het ook sy eie mense begeer vir die versterking van sy leër.

3 Nou het die Lamaniete baie vroue en kinders geneem, en daar was nie 'n vrou nóg 'n kind onder al die gevangenes van Moroni, of die gevangenes wat Moroni geneem het; daarom het Moroni besluit op strategie om soveel van die gevangenes van die Nefiete van die Lamaniete af te verkry as wat moontlik was.

4 Daarom het hy 'n brief geskryf, en dit gestuur deur die dienskneg van Ammoron wat 'n brief vir Moroni gebring het. Nou hierdie is die woorde wat hy aan Ammoron geskryf het, en gesê het:

5 Kyk, Ammoron, ek het ietwat aan jou geskryf aangaande hierdie oorlog wat julle gevoer het teen my volk, of eerder, wat jou [a]broer gevoer het teen hulle, en wat julle nog vasbeslote is om voort te sit na sy dood.

6 Kyk, ek wil jou ietwat vertel aangaande die [a]geregtigheid van

20*a* GS Moed, Moedig.
*b* GS Integriteit.
21*a* GS Wandel, Wandel met God.
22*a* Alma 56:3–5.
**54** 1*a* Alma 52:3.
5*a* Alma 48:1.
6*a* GS Geregtigheid.

God, en die swaard van sy almagtige toorn, wat oor julle hang tensy julle bekeer en julle leërs terugtrek na julle eie grondgebied, of na die land van jul besitting, wat die land Nefi is.

7 Ja, ek sou jou hierdie dinge vertel het as jy in staat was om ag te slaan op hulle; ja, ek sou jou vertel aangaande daardie vreeslike [a]hel wat wag om sulke [b]moordenaars te ontvang soos jy en jou broer was, tensy julle bekeer en julle moorddadige voornemens terugtrek, en terugkeer met jul leërs na jul eie grondgebied.

8 Maar omdat julle eenmaal hierdie dinge verwerp het, en geveg het teen die volk van die Here, net so mag ek verwag dat julle dit weer sal doen.

9 En nou kyk, ons is bereid om julle te ontvang; ja, en tensy julle jul voornemens terugtrek, kyk, julle sal die toorn van daardie God wat julle verwerp het op julle neertrek, en wel tot julle algehele vernietiging.

10 Maar, sowaar as die Here leef, ons leërs sal op julle afkom tensy julle terugtrek, en julle sal spoedig deur die dood besoek word, want ons sal ons stede en ons lande behou; ja, en ons sal ons godsdiens handhaaf en die saak van ons God.

11 Maar kyk, dit lyk vir my dat ek tevergeefs met jou spreek aangaande hierdie dinge; of dit lyk vir my dat jy ’n [a]kind van die hel is; daarom sal ek my brief afsluit deur aan jou te vertel dat ek nie gevangenes sal uitruil nie, tensy dit op voorwaarde is dat jy ’n man en sy vrou en sy kinders sal uitlewer, vir een gevangene; as dit die geval is dat jy dit sal doen, sal ek uitruil.

12 En kyk, as julle dit nie doen nie, sal ek teen julle opkom met my leërs; ja, ek sal selfs my vroue en my kinders bewapen, en ek sal teen julle opkom, en ek sal julle volg tot in julle eie land, wat die land van [a]ons eerste erfenis is; ja, en dit sal bloed vir bloed wees, ja, lewe vir lewe; en ek sal julle beveg totdat julle uitgeroei is vanaf die aangesig van die aarde.

13 Kyk, ek verkeer in my toorn, en ook my volk; julle het gesoek om ons te vermoor, en ons het net gesoek om onsself te verdedig. Maar kyk, as julle soek om ons verder te vernietig, sal ons soek om julle te vernietig; ja, en ons sal ons land soek, die land van ons eerste erfenis.

14 Nou sluit ek my brief af. Ek is Moroni; ek is ’n leier van die volk van die Nefiete.

15 Nou het dit gebeur dat Ammoron, toe hy hierdie brief ontvang het, vertoornd was; en hy het nog ’n brief geskryf aan Moroni, en hierdie is die woorde wat hy geskryf, en gesê het:

16 Ek is Ammoron, die koning van die Lamaniete; ek is die broer van Amalikia vir wie

7 *a* GS Hel.
*b* Alma 47:18, 22–24.
GS Moord.
11 *a* Joh. 8:42–44.
12 *a* 2 Ne. 5:5–8.

julle [a]vermoor het. Kyk, ek sal sy bloed wreek op julle, ja, en ek sal op julle afkom met my leërs, want ek vrees nie julle dreigemente nie.
17 Want kyk, julle vaders het hulle broers verontreg, in soverre dat hulle hul beroof het van hulle [a]reg op die regering, toe dit na regte aan hulle behoort het.
18 En nou, kyk, as julle jul wapens sal neerlê, en julle onderwerp om regeer te word deur diegene aan wie die regering na regte behoort, dan sal ek my volk hulle wapens laat neerlê en sal nie langer in oorlog verkeer nie.
19 Kyk, jy het baie dreigemente teen my en my volk geuiter; maar kyk, ons vrees nie jou dreigemente nie.
20 Nogtans, ek sal toelaat om gevangenes uit te ruil volgens jou versoek, graag, sodat ek my voedsel kan behou vir my manne van oorlog; en ons sal 'n oorlog voer wat ewig sal wees, óf om die Nefiete aan ons gesag te onderwerp, óf tot hulle ewige uitwissing.
21 En betreffende daardie God wat jy sê ons verwerp het, kyk, ons ken nie so 'n wese nie; nóg julle; maar as dit so is dat daar so 'n wese is, dink ons dat dit moontlik is dat Hy ons gemaak het sowel as julle.
22 En as dit so is dat daar 'n duiwel is en 'n hel, kyk, sal Hy jou nie daarheen stuur om te woon saam met my broer vir wie julle vermoor het nie, van wie julle geskimp het dat hy na so 'n plek gegaan het? Maar kyk, hierdie dinge maak nie saak nie.
23 Ek is Ammoron, en 'n afstammeling van [a]Zoram, vir wie julle vaders gedwing en uitgebring het uit Jerusalem.
24 En kyk, nou, ek is 'n moedige Lamaniet; kyk, hierdie oorlog is gevoer om hulle onregte te wreek, en om hul regte te handhaaf en te verkry oor die regering; en ek sluit my brief aan Moroni af.

## HOOFSTUK 55

*Moroni weier om gevangenes uit te ruil—Die Lamanitiese wagte word verlok om dronk te word, en die Nefitiese gevangenes word bevry—Die stad Gid word ingeneem sonder bloedvergieting. Ongeveer 63–62 v.C.*

Nou het dit gebeur dat toe Moroni hierdie brief ontvang het, het hy meer vertoornd geword, omdat hy geweet het dat Ammoron 'n volmaakte kennis gehad het van sy [a]bedrog; ja, hy het geweet dat Ammoron geweet het dat dit nie 'n regverdige saak was wat hom oorlog laat voer het teen die volk van Nefi nie.
2 En hy het gesê: Kyk, ek sal nie gevangenes uitruil met Ammoron nie, tensy hy sy voornemens terugtrek, soos ek in my brief verklaar het; want ek sal nie aan hom gun dat hy enigsins meer mag sal hê as wat hy het nie.

16*a* Alma 51:34.
17*a* 2 Ne. 5:1–4; Mosia 10:12–17.
23*a* 1 Ne. 4:31–35.
**55** 1*a* Alma 47:12–35.

3 Kyk, ek ken die plek waar die
Lamaniete my mense bewaak wat
hulle gevange geneem het; en om-
dat Ammoron nie vir my my brief
gegun het nie, kyk, ek sal aan hom
gee volgens my woorde; ja, ek sal
die dood soek onder hulle totdat
hulle sal pleit om vrede.
4 En nou het dit gebeur dat toe
Moroni hierdie woorde gespreek
het, het hy laat soek onder sy
manne, sodat hy miskien ′n man
onder hulle mag vind wat ′n af-
stammeling van Laman was.
5 En dit het gebeur dat hulle
een gevind het, wie se naam La-
man was; en hy was [a]een van die
diensknegte van die koning wat
deur Amalikia vermoor is.
6 Nou het Moroni Laman en ′n
klein aantal van sy manne laat
gaan na die wagte wat oor die
Nefiete was.
7 Nou, die Nefiete was bewaak
in die stad Gid; daarom het Mo-
roni vir Laman aangestel en ′n
klein getal manne met hom laat
saamgaan.
8 En toe dit aand was het La-
man na die wagte gegaan wat
oor die Nefiete was, en kyk, hulle
het hom sien kom, en hom toege-
roep; maar hy sê vir hulle: Vrees
nie; kyk, ek is ′n Lamaniet. Kyk,
ons het ontvlug van die Nefiete,
en hulle slaap; en kyk, ons het van
hulle wyn geneem en dit saamge-
bring met ons.
9 Nou toe die Lamaniete hier-
die woorde gehoor het, het hulle
hom ontvang met blydskap; en
hulle het aan hom gesê: Gee vir
ons van julle wyn, sodat ons mag
drink; ons is bly dat julle die wyn
met julle saamgeneem het, want
ons is moeg.
10 Maar Laman het vir hulle
gesê: Laat ons van ons wyn hou
totdat ons teen die Nefiete optrek
in die stryd. Maar hierdie woorde
het hulle net meer begerig ge-
maak om van die wyn te drink;
11 Want, het hulle gesê: Ons is
moeg, daarom laat ons van die
wyn neem, en weldra sal ons wyn
ontvang vir ons rantsoene, wat
ons sal versterk om op te gaan
teen die Nefiete.
12 En Laman het aan hulle gesê:
Julle mag doen volgens julle be-
geertes.
13 En dit het gebeur dat hulle
vryelik van die wyn geneem het;
en dit het aangenaam gesmaak,
daarom het hulle meer vrye-
lik daarvan geneem; en dit was
sterk, omdat dit voorberei was in
sterkte.
14 En dit het gebeur dat hulle
gedrink het en vrolik was, en
weldra was hulle almal dronk.
15 En nou toe Laman en sy
manne sien dat hulle almal dronk
was, en in ′n diep slaap was, het
hulle teruggekeer na Moroni en
hom al die dinge vertel wat ge-
beur het.
16 En nou, dit was volgens die
plan van Moroni. En Moroni het
sy manne voorberei met wapens
van oorlog; en hy het na die stad
Gid gegaan, terwyl die Lamaniete

5*a* Alma 47:29.

in ʼn diepe slaap was en dronk was, en het wapens van oorlog onder die gevangenes ingegooi, in soverre dat hulle almal bewapen was;

17 Ja, selfs aan hulle vroue en al diegene van hulle kinders, soveel as wat in staat was om ʼn wapen van oorlog te gebruik, toe Moroni al daardie gevangenes bewapen het; en al daardie dinge is in volslae stilte gedoen.

18 Maar al sou hulle die Lamaniete wakker gemaak het, kyk, hulle was dronk en die Nefiete kon hulle gedood het.

19 Maar kyk, dit was nie die wens van Moroni nie; hy het nie behae geskep in moord of [a]bloedvergieting nie, maar hy het behae geskep om sy volk te red van vernietiging; en om hierdie rede wou hy nie oor hom ongeregtigheid bring nie, hy wou die Lamaniete nie aanval en hulle vernietig in hulle dronkenskap nie.

20 Maar hy het sy begeertes verkry; want hy het daardie gevangenes van die Nefiete bewapen wat binne die mure van die stad was, en het aan hulle mag gegee om besit te verkry van daardie dele wat binne die mure was.

21 En toe laat hy die manne wat by hom was ʼn ent van hulle af terugtrek, en die leërs van die Lamaniete omsingel.

22 Nou kyk, dit is in die nag gedoen, sodat toe die Lamaniete die oggend wakker word, het hulle gewaar dat hulle omsingel is deur die Nefiete van buite, en dat hulle gevangenes van binne bewapen was.

23 En so het hulle gesien dat die Nefiete mag gehad het oor hulle; en onder hierdie omstandighede het hulle gevind dat dit nie raadsaam was dat hulle teen die Nefiete sou veg nie; daarom het hulle hoofkapteins hulle wapens van oorlog geëis, en hulle het hulle na vore gebring en hulle aan die voete van die Nefiete gewerp, en om barmhartigheid gepleit.

24 Nou kyk, dit was die begeerte van Moroni. Hy het hulle krygsgevangene geneem, besit geneem van die stad, en al die gevangenes laat vrylaat wat Nefiete was; en hulle het aangesluit by die leër van Moroni en was ʼn groot krag tot sy leër.

25 En dit het gebeur dat hy die Lamaniete, wat hy gevange geneem het, ʼn [a]werk laat begin het om die fortifikasies rondom die stad Gid te versterk.

26 En dit het gebeur dat nadat hy die stad Gid laat versterk het na sy sin, het hy sy gevangenes laat neem na die stad Oorvloed; en hy het ook daardie stad bewaak met ʼn uitermate sterk mag.

27 En dit het gebeur dat hulle, nieteenstaande al die sameswerings van die Lamaniete, al die gevangenes behou en beskerm het wat hulle geneem het, en ook al die grond behou het en die voordeel wat hulle teruggeneem het.

19*a* Alma 48:16.
25*a* Alma 53:3–5.

28 En dit het gebeur dat die Nefiete weer begin het om te seëvier, en om hulle regte en voorregte terug te eis.

29 Baie keer het die Lamaniete gepoog om hulle snags te omsingel, maar in hierdie pogings het hulle baie gevangenes verloor.

30 En baie keer het hulle gepoog om van hulle wyn vir die Nefiete te bedien, sodat hulle hul mag vernietig met gif of met dronkenskap.

31 Maar kyk, die Nefiete was nie traag om die Here hulle God te [a]onthou in hierdie hulle tyd van verdrukking nie. Hulle kon nie in hulle strikke gevang word nie; ja, hulle wou nie van hulle wyn neem, tensy hulle dit eers aan sommige van die Lamanitiese gevangenes gegee het nie.

32 En hulle was dus versigtig dat geen gif onder hulle toegedien word nie; want as hulle wyn ′n Lamaniet sou vergiftig, sou dit ook ′n Nefiet vergiftig; en so het hulle al hul dranke getoets.

33 En nou het dit gebeur dat dit raadsaam was vir Moroni om voorbereidings te maak om die stad Morianton aan te val; want kyk, die Lamaniete het, deur hulle arbeid, die stad Morianton versterk totdat dit ′n uitnemende sterk vesting geword het.

34 En hulle het gedurig nuwe magte in daardie stad ingebring, en ook nuwe voorrade van lewensmiddele.

35 En so het die nege en twintigste jaar van die heerskappy van die regters geëindig oor die volk van Nefi.

## HOOFSTUK 56

*Helaman stuur ′n brief aan Moroni wat die toestand van die oorlog met die Lamaniete weergee—Antipus en Helaman behaal ′n groot oorwinning oor die Lamaniete—Helaman se tweeduisend jong seuns veg met wonderbaarlike krag, en nie een van hulle word gedood nie. Vers 1, ongeveer 62 v.C.; verse 2–19, ongeveer 66 v.C.; en verse 20–57, ongeveer 65–64 v.C.*

En nou het dit gebeur aan die begin van die dertigste jaar van die heerskappy van die regters, op die tweede dag van die eerste maand het Moroni ′n brief ontvang van Helaman waarin hy die sake van die volk meld in daardie deel van die land.

2 En hierdie is die woorde wat hy geskryf, en gesê het: My teer geliefde broer, Moroni, net soos in die Here as in die beproewinge van ons oorlogvoering; kyk, my geliefde broer, ek het ietwat om aan jou te vertel aangaande ons oorlogvoering in hierdie deel van die land.

3 Kyk, [a]tweeduisend van die seuns van daardie manne wat Ammon afgebring het uit die land Nefi—nou jy het geweet dat hierdie manne afstammelinge was van Laman, wat die oudste seun was van ons vader Lehi;

31*a* Alma 62:49–51.

**56** 3*a* Alma 53:22.

4 Nou hoef ek nie aan jou te vertel aangaande hulle oorleweringe of hulle ongeloof nie, want jy weet aangaande al hierdie dinge—

5 Daarom is dit vir my genoeg dat ek jou vertel dat tweeduisend van hierdie jong manne hulle wapens van oorlog geneem het, en wou hê dat ek hulle leier moes wees; en ons het uitgekom om ons land te verdedig.

6 En nou weet jy ook aangaande die [a]verbond wat hulle vaders gesluit het, dat hulle nie hul wapens van oorlog sou opneem teen hulle broers om bloed te vergiet nie.

7 Maar in die ses en twintigste jaar, toe hulle ons verdrukkinge gesien het, en ons beproewinge vir hulle, was hulle op die punt om die verbond te [a]verbreek wat hulle gesluit het, en hul wapens van oorlog op te neem tot ons verdediging.

8 Maar ek wou hulle nie toelaat dat hulle hierdie verbond sou verbreek wat hulle gesluit het nie, veronderstellend dat God ons sou versterk, in soverre ons nie langer sou ly nie, vanweë die nakoming van die eed wat hulle geneem het.

9 Maar kyk, hier is een ding waarin ons groot vreugde mag hê. Want kyk, in die ses en twintigste jaar, het ek, Helaman, aan die hoof van hierdie tweeduisend jongmanne gemarsjeer na die stad Judéa, om Antipus by te staan, vir wie jy as leier aangestel het oor die volk van daardie deel van die land.

10 En ek het my tweeduisend seuns gevoeg, (want hulle is waardig om seuns genoem te word) by die leër van Antipus, in welke versterking Antipus hom uitermate verheug het; want kyk, sy leër was verminder deur die Lamaniete omdat hulle magte ʼn groot aantal van ons manne gedood het, waaroor ons rede het om te treur.

11 Nogtans, ons mag onsself troos oor hierdie feit, dat hulle gesterf het vir die saak van hulle land en vir hulle God, ja, en hulle is [a]gelukkig.

12 En die Lamaniete het ook baie gevangenes teruggehou, almal wat hoofkapteins was, want niemand anders het hulle lewendig gespaar nie. En ons veronderstel dat hulle nou teen dié tyd in die land Nefi is; dit is so as hulle nie gedood is nie.

13 En nou hierdie is die stede waarvan die Lamaniete besit verkry het deur die vergieting van die bloed van so baie van ons dapper manne:

14 Die land Manti, of die stad Manti, en die stad Zeesrom, en die stad Kumeni, en die stad Antipara.

15 En hierdie is die stede wat hulle besit het toe ek in die stad Judéa aangekom het; en ek het Antipus en sy manne gevind, werksaam met hul krag om die stad te versterk.

16 Ja, en hulle was terneergedruk in liggaam sowel as in die

6*a* Alma 24:17–18.
7*a* Alma 53:13–15.
11*a* Alma 28:12.

gees, want hulle het dapper geveg bedags en snags gearbei om hul stede te behou; en so het hulle allerlei groot verdrukkinge gely.

17 En nou was hulle vasberade om in hierdie plek te oorwin of te sterwe; daarom mag jy met goeie rede veronderstel dat hierdie klein mag wat ek saamgebring het met my, ja, daardie seuns van my, aan hulle groot hoop en veel vreugde gegee het.

18 En nou het dit gebeur dat toe die Lamaniete sien dat Antipus 'n groter versterking tot sy leër bygekry het, was hulle verplig deur die bevele van Ammoron om nie op te trek teen die stad Judéa, of teen ons in die stryd nie.

19 En so is ons begunstig deur die Here; want as hulle opgekom het teen ons op hierdie, ons swakheid, mag hulle miskien ons klein leër vernietig het; maar so is ons bewaar.

20 Hulle is deur Ammoron beveel om daardie stede te behou wat hulle ingeneem het; en so het die ses en twintigste jaar geëindig. En aan die begin van die sewe en twintigste jaar het ons ons stad en onsself voorberei vir verdediging.

21 Nou was ons begerig dat die Lamaniete teen ons moes opkom; want ons was nie begerig om 'n aanval op hulle vestings te loods nie.

22 En dit het gebeur dat ons spioene rondom gehou het om die bewegings van die Lamaniete dop te hou, sodat hulle ons nie snags nóg bedags verby mag gaan om 'n aanval te loods teen ons ander stede wat aan die noordekant was nie.

23 Want ons het geweet dat in daardie stede was hulle nie sterk genoeg om hulle te ontmoet nie; daarom was ons begerig dat, as hulle by ons verbykom, om hulle aan te val van agter, en sodoende hulle agterhoede aandurf op dieselfde tyd wat hulle van voor aangeval word. Ons het veronderstel dat ons hulle kon oorweldig; maar kyk, ons is teleurgestel in hierdie, ons begeerte.

24 Hulle het ons nie durf verbygaan met hul hele leër nie, nóg het hulle nie gedurf met 'n gedeelte nie, uit vrees dat hulle nie sterk genoeg sou wees en hulle sou val nie.

25 Ook het hulle nie gedurf om af te marsjeer teen die stad Zarahemla nie; nóg het hulle gedurf om die oorsprong van die Sidon oor te steek, oor na die stad Nefiha.

26 En so, met hulle magte, was hulle vasberade om daardie stede te behou wat hulle ingeneem het.

27 En nou het dit gebeur in die tweede maand van hierdie jaar, is daar baie voorrade aan ons gebring van die vaders van my tweeduisend seuns.

28 En ook is daar tweeduisend manne aan ons gestuur vanaf die land Zarahemla. En so was ons voorberei met tienduisend manne, en voorrade vir hulle, en ook vir hulle vroue en hulle kinders.

29 En die Lamaniete, omdat hulle gewaar het dat ons magte daagliks toeneem, en dat voorrade aankom vir ons behoud, het hulle begin om bevrees te word, en begin om aan te val, om, as dit moontlik was, ʼn einde daaraan te maak dat ons voorrade en versterking ontvang.

30 Nou toe ons sien dat die Lamaniete begin om onrustig te word op hierdie wyse, was ons begerig om ʼn plan in werking te stel teen hulle; daarom het Antipus beveel dat ek met my jong seuns moes uitmarsjeer na ʼn naburige stad, asof ons voorrade bring na ʼn naburige stad.

31 En ons moes marsjeer tot naby die stad Antipara, asof ons na die stad aan die anderkant wou gaan, by die grense van die seekus.

32 En dit het gebeur dat ons uitgemarsjeer het, asof met ons voorrade, om na daardie stad te gaan.

33 En dit het gebeur dat Antipus uitgemarsjeer het met ʼn deel van sy leër, terwyl hy die res agtergelaat het om die stad te behou. Maar hy het nie uitgemarsjeer totdat ek uitgegaan het met my klein leër, en naby die stad Antipara gekom het nie.

34 En nou, in die stad Antipara, was die sterkste leër van die Lamaniete gevestig; ja, die talrykste.

35 En dit het gebeur dat toe hulle deur hulle spioene ingelig is, het hulle uitgekom met hul leër en opgemarsjeer teen ons.

36 En dit het gebeur dat ons voor hulle uitgevlug het, noordwaarts. En so het ons die magtigste leër van die Lamaniete weggelei.

37 Ja, en wel tot ʼn aansienlike afstand, in soverre dat toe hulle sien dat die leër van Antipus hulle agtervolg, met hulle mag, het hulle nie na links of na regs gedraai nie, maar het hul opmars volgehou in ʼn reguit koers agter ons aan; en, soos ons veronderstel het, was dit hulle voorneme om ons te dood voordat Antipus hulle sou inhaal, en dít sodat hulle nie omsingel sou word deur ons mense nie.

38 En nou het Antipus, toe hy ons gevaar sien, het sy leër se opmars versnel. Maar kyk, dit was nag; daarom het hulle ons nie ingehaal nie, nóg het Antipus hulle ingehaal; daarom het ons gekamp vir die nag.

39 En dit het gebeur dat voor die aanbreek van die oggend, kyk, het die Lamaniete ons agterna gesit. Nou was ons nie sterk genoeg om teen hulle te veg nie; ja, ek wou nie toelaat dat my klein seuns in hulle hande val nie; daarom het ons ons opmars voortgesit, en ons het die wildernis in gemarsjeer.

40 Nou het hulle nie gedurf om na regs of na links te draai nie, uit vrees dat hulle omsingel sou word; nóg wou ek nie na regs of na links draai, uit vrees dat hulle my sou inhaal, en ons kon nie bly staan teen hulle nie, maar gedood word, en hulle sou ontvlug; en so het ons daardie hele dag die wildernis ingevlug, en wel totdat dit donker was.

41 En dit het gebeur dat weer eens, toe die lig van die oggend kom, het ons die Lamaniete op ons gesien, en ons het gevlug voor hulle.

42 Maar dit het gebeur dat hulle ons nie ver agtervolg het voordat hulle gehalt het nie; en dit was die oggend van die derde dag van die sewende maand.

43 En nou, of hulle ingehaal is deur Antipus het ons nie geweet nie, maar ek het aan my manne gesê: Kyk, ons dink dit is moontlik dat hulle gehalt het met die doel dat ons teen hulle moet opkom, sodat hulle ons in hulle strik mag vang;

44 Daarom, wat sê julle, my seuns, sal julle teen hulle optrek om te veg?

45 En nou sê ek aan jou, my geliefde broer Moroni, dat ek nooit sulke groot [a]moed gesien het nie, nee, nie onder al die Nefiete nie.

46 Want soos ek hulle altyd my seuns genoem het (want hulle was almal van hulle baie jonk) net so het hulle aan my gesê: Vader, sien, ons God is met ons, en Hy sal nie toelaat dat ons moet val nie; laat ons dan uitgaan; ons sal nie ons broers doodmaak as hulle ons alleen laat nie; daarom laat ons gaan, sodat hulle nie die leër van Antipus sou oorweldig nie.

47 Nou het hulle nog nooit geveg nie, tog het hulle die dood nie gevrees nie; en hulle het meer gedink aan die [a]vryheid van hulle vaders as wat hulle aan hulle lewens gedink het; ja, hulle is deur hulle [b]moeders geleer, dat as hulle nie twyfel nie, God hulle sou verlos.

48 En hulle het aan my die woorde van hulle moeders oorvertel, en gesê: Ons twyfel nie dat ons moeders dit geweet het nie.

49 En dit het gebeur dat ek teruggekeer het met my tweeduisend teen daardie Lamaniete wat ons agternagesit het. En nou kyk, die leërs van Antipus het hulle ingehaal, en ′n vreeslike veldslag het begin.

50 Die leër van Antipus wat vermoeid was vanweë hulle lang opmars in so ′n kort tydperk, was op die punt om in die hande van die Lamaniete te val; en as ek nie teruggekeer het met my tweeduisend nie, sou hulle hul doel bereik het.

51 Want Antipus het geval deur die swaard, en baie van sy leiers, vanweë hulle vermoeidheid, wat veroorsaak is deur die spoed van hulle opmars—daarom het die manne van Antipus, omdat hulle verward was vanweë die val van hulle leiers, begin om pad te gee voor die Lamaniete.

52 En dit het gebeur dat die Lamaniete moed geskep het, en begin het om hulle agterna te sit; en so het die Lamaniete hulle met groot ywer agtervolg, toe Helaman op hul agterhoede gekom het met sy tweeduisend, en begin

45*a* Alma 53:20–21.
47*a* Alma 53:16–18.
*b* Alma 57:21.
GS Moeder.

het om hulle uitermate dood te maak, in soverre dat die hele leër van die Lamaniete gehalt het en omgedraai het teen Helaman.

53 Nou toe die mense van Antipus sien dat die Lamaniete hulle omgedraai het, het hulle hul manne bymekaargemaak en het weer van agter af op die Lamaniete gekom.

54 En nou het dit gebeur dat ons, die mense van Nefi, die mense van Antipus, en ek met my tweeduisend, die Lamaniete omsingel het en hulle gedood het; ja, in soverre dat hulle verplig was om hulle wapens van oorlog te oorhandig en ook hulleself as krygsgevangenes.

55 En nou het dit gebeur dat toe hulle hul aan ons oorgegee het, kyk, het ek daardie jongmanne getel wat saam met my geveg het, omdat ek gevrees het dat baie van hulle gedood is.

56 Maar kyk, tot my groot vreugde, het daar [a]nie een siel onder hulle op die aarde neergeval nie; ja, en hulle het geveg asof met die krag van God; ja, nooit is manne geken wat geveg het met sulke wonderbaarlike krag nie; en met sulke magtige krag het hulle die Lamaniete aangeval, dat hulle hul bang gemaak het; en om hierdie rede het die Lamaniete hulle oorgegee as krygsgevangenes.

57 En omdat ons geen plek gehad het vir ons gevangenes, sodat ons hulle kon bewaak om hulle weg te hou van die leërs van die Lamaniete nie, daarom het ons hulle na die land Zarahemla gestuur, en 'n gedeelte van daardie manne van Antipus wat nie gedood is nie, saam met hulle; en die oorblywendes het ek geneem en hulle gevoeg by my jong [a]Ammoniete, en ons opmars begin, terug na die stad Judéa.

## HOOFSTUK 57

*Helaman vertel van die inname van Antipara en die oorgawe en later die verdediging van Kumeni—Sy Ammonitiese jong seuns veg moedig; almal word gewond, maar niemand word gedood nie—Gid doen verslag oor die dood en die ontsnapping van die Lamanitiese gevangenes. Ongeveer 63 v.C.*

En nou het dit gebeur dat ek 'n brief van Ammoron ontvang het, die koning, wat verklaar dat as ek daardie krygsgevangenes sou oorhandig wat ons geneem het, dat hy die stad Antipara aan ons sou oorhandig.

2 Maar ek het 'n brief gestuur aan die koning dat ons seker was dat ons magte genoeg was om die stad Antipara in te neem deur ons mag; en deur die uitlewering van die gevangenes vir daardie stad sou ons onsself onwys ag, en dat ons slegs ons gevangenes sou uitlewer deur uitruiling.

3 En Ammoron het my brief geweier, want hy wou nie gevangenes uitruil nie; daarom het ons

56*a* Alma 57:25; 58:39.

57*a* Alma 27:26; 53:10–11, 16.

begin om voorbereidings te maak om teen die stad Antipara te gaan.

4 Maar die inwoners van Antipara het die stad verlaat, en gevlug na hulle ander stede, waarvan hulle besit gehad het, om hulle te versterk; en so het die stad Antipara in ons hande geval.

5 En so het die agt en twintigste jaar van die heerskappy van die regters geëindig.

6 En dit het gebeur dat aan die begin van die nege en twintigste jaar, het ons ʼn voorraad van lewensmiddele ontvang, en ook ʼn toevoeging tot ons leër, vanaf die land Zarahemla, en ook van die omliggende land, tot die getal van sesduisend manne, benewens sestig van die [a]seuns van die Ammoniete wat gekom het om aan te sluit by hulle broers, my klein groep van tweeduisend. En nou kyk, ons was sterk, ja, en ons het ook baie voorrade gehad wat na ons gebring is.

7 En dit het gebeur dat dit ons begeerte was om ʼn veldslag te voer teen die leër wat geplaas is om die stad Kumeni te beskerm.

8 En nou, kyk, ek sal aan jou toon dat ons weldra ons voorneme uitgevoer het; ja, met ons sterk leër, of met ʼn gedeelte van ons sterk leër, het ons gedurende die nag, die stad Kumeni omsingel, ʼn rukkie voordat hulle ʼn voorraad lewensmiddele sou ontvang.

9 En dit het gebeur dat ons rondom die stad gekamp het vir baie nagte; maar ons het op ons swaarde geslaap, en wagte opgestel, sodat die Lamaniete nie snags op ons afkom en ons dood nie, wat hulle baie kere probeer het; maar soveel keer as wat hulle dit probeer het, is hulle bloed vergiet.

10 Eindelik het hulle voorrade opgedaag, en hulle was op die punt om die stad binne te gaan gedurende die nag. En ons, pleks daarvan om Lamaniete te wees, was Nefiete; daarom het ons hulle en hulle voorrade geneem.

11 En nieteenstaande dat die Lamaniete afgesny is van hulle steun op hierdie wyse, was hulle steeds vasbeslote om die stad te behou; daarom het dit noodsaaklik geword dat ons daardie voorrade moes neem en hulle na Judéa stuur en ons gevangenes na die land Zarahemla.

12 En dit het gebeur dat nie baie dae verbygegaan het nie voordat die Lamaniete alle hoop begin verloor het op bystand; daarom het hulle die stad oorgegee in ons hande; en so het ons in ons planne geslaag aangaande die verkryging van die stad Kumeni.

13 Maar dit het gebeur dat ons gevangenes só talryk was dat, nieteenstaande die grootheid van ons getalle, ons verplig was om ons hele leër te gebruik om hulle te behou, of om hulle te dood.

14 Want kyk, hulle het uitgebreek in groot getalle, en het geveg met klippe, en met knuppels,

**57** 6*a* Alma 53:16–18.

of wat hulle ook al in hul hande kon kry, in soverre dat ons meer as tweeduisend van hulle gedood het nadat hulle hul oorgegee het as krygsgevangenes.

15 Daarom het dit noodsaaklik geword vir ons dat ons ʼn einde moes maak aan hulle lewens, of hulle bewaak met die swaard in die hand tot in die land Zarahemla; en ook ons voorrade was niks meer as voldoende vir ons eie mense nie, nieteenstaande dit wat ons geneem het van die Lamaniete.

16 En nou, in daardie kritieke omstandighede, het dit ʼn baie ernstige saak geword om te besluit aangaande hierdie krygsgevangenes; nogtans het ons besluit om hulle af te stuur na die land Zarahemla; daarom het ons ʼn gedeelte van ons manne uitgesoek, en hulle aangestel oor ons gevangenes om af te gaan na die land Zarahemla.

17 Maar dit het gebeur dat op die volgende dag het hulle teruggekeer. En nou kyk, ons het nie by hulle navraag gedoen aangaande die gevangenes nie, want kyk, die Lamaniete was op ons, en hulle het betyds teruggekeer om ons te red dat ons nie in hulle hande val nie. Want kyk, Ammoron het vir hulle steun ʼn nuwe voorraad lewensmiddele gestuur en ook ʼn talryke leër van manskappe.

18 En dit het gebeur dat daardie manne wat ons gestuur het saam met die gevangenes, betyds aangekom het om hulle te stuit, toe hulle op die punt was om ons te oorweldig.

19 Maar kyk, my klein groepie van tweeduisend en sestig het baie desperaat geveg; ja, hulle was onwrikbaar voor die Lamaniete, en het die dood toegedien aan almal wat hulle teengestaan het.

20 En toe die res van ons leër op die punt gestaan het om terug te trek voor die Lamaniete uit, kyk, daardie tweeduisend en sestig was onwrikbaar en onverskrokke.

21 Ja, en hulle was gehoorsaam en het gepoog om elke woord van bevel uit te voer met nougesetheid; ja, en wel volgens hulle geloof is dit aan hulle gedoen; en ek het die woorde onthou wat hulle aan my gesê het, dat hulle [a]moeders hulle geleer het.

22 En nou kyk, dit was hierdie my seuns, en daardie manne wat gekies was om die gevangenes weg te voer, aan wie ons hierdie groot oorwinning te danke het; want dit was hulle wat die Lamaniete verslaan het; daarom is hulle teruggedryf na die stad Manti.

23 En ons het ons stad Kumeni behou, en is nie almal deur die swaard vernietig nie; nogtans het ons groot verlies gely.

24 En dit het gebeur dat nadat die Lamaniete gevlug het, het ek onmiddellik bevel gegee dat my manne wat gewond was tussen die dooies geneem moes word, en hulle wonde laat verbind.

21 *a* Alma 56:47–48.

25 En dit het gebeur dat daar
tweehonderd van my tweedui-
send en sestig was wat flou ge-
word het vanweë die verlies van
bloed; nogtans, volgens die goed-
heid van God en tot ons groot ver-
basing, en ook tot die vreugde
van ons hele leër, was daar [a]nie
een siel van hulle wat gesneuwel
het nie; ja, nóg was daar nie een
siel onder hulle wat baie wonde
ontvang het.
26 En nou, hulle behoud was
verbasend vir ons hele leër, ja, dat
hulle gespaar moes word terwyl
daar ′n duisend van ons broers
was wat gedood is. En ons skryf
dit tereg toe aan die wonderbaar-
like [a]krag van God, vanweë hulle
uitermate [b]geloof in dít wat hulle
geleer is om te glo—dat daar ′n
regverdige God was, en wie ook
al nie getwyfel het nie, dat hulle
behoue sou bly deur sy wonder-
like krag.
27 Nou was dit die geloof van
diegene van wie ek gespreek het;
hulle is jonk, en hulle denke is on-
wrikbaar, en hulle plaas hul ver-
troue in God.
28 En nou het dit gebeur dat na-
dat ons aldus gesorg het vir ons
gewonde manne, en ons dooies
begrawe het en ook die dooies
van die Lamaniete, wat baie was,
kyk, ons het by Gid verneem aan-
gaande die gevangenes met wie
hulle begin het om af te gaan na
die land Zarahemla.
29 Nou was Gid die hoofkap-
tein van die groep wat aangestel
was om hulle te bewaak na die
land toe.
30 En nou, hierdie is die woorde
wat Gid met my gespreek het: Kyk,
ons het begin om af te gaan na die
land Zarahemla met ons gevange-
nes. En dit het gebeur dat ons die
spioene van ons leërs teëgekom
het wat uitgestuur is om die kamp
van die Lamaniete dop te hou.
31 En hulle het tot ons geroep
en gesê—Kyk, die leërs van die
Lamaniete marsjeer na die stad
Kumeni; en kyk, hulle sal hulle
aanval, ja, en sal ons mense ver-
nietig.
32 En dit het gebeur dat ons ge-
vangenes hulle uitroepe gehoor
het, wat hulle moed laat skep het;
en hulle het opgestaan in rebel-
lie teen ons.
33 En dit het gebeur van-
weë hulle rebellie, het ons ons
swaarde op hulle laat neerkom.
En dit het gebeur dat hulle as ′n
groep in ons swaarde vasgehard-
loop het, waartydens die grootste
deel van hulle gedood is; en die
oorblywendes van hulle het deur-
gebreek en van ons weggevlug.
34 En kyk, toe hulle gevlug het,
en ons hulle nie kon inhaal nie,
het ons ons opmars met spoed ge-
neem na die stad Kumeni; en kyk,
ons het betyds aangekom sodat
ons ons broers mag bystaan om
die stad te behou.
35 En kyk, ons is weer verlos
uit die hande van ons vyande. En
prys die Naam van ons God; want
kyk, dit is Hy wat ons verlos het;

25*a* Alma 56:56.
26*a* GS Krag.
*b* GS Geloof, Glo.

ja, wat hierdie groot ding vir ons
gedoen het.
36 Nou het dit gebeur dat toe
ek, Helaman, hierdie woorde van
Gid gehoor het, was ek vervul
met uitermate vreugde vanweë
die goedheid van God om ons te
bewaar, sodat ons nie almal mag
vergaan nie; ja, en ek vertrou dat
die siele van diegene wat gedood
is die rus van hulle God [a]binne-
gegaan het.

## HOOFSTUK 58

*Helaman, Gid en Teomner neem die stad Manti in deur strategie—Die Lamaniete trek terug—Die seuns van die volk van Ammon word bewaar terwyl hulle vasstaan ter verdediging van hul vryheid en geloof. Ongeveer 63–62 v.C.*

En kyk, nou het dit gebeur dat ons
volgende oogmerk was om die
stad Manti te verkry; maar kyk,
daar was geen wyse waarop ons
hulle uit die stad kon lei met ons
klein groepe nie. Want kyk, hulle
het dit onthou wat ons voorheen
gedoen het; daarom kon ons hulle
nie [a]weglok van hulle vestings nie.
2 En hulle was soveel talryker
as ons leër dat ons nie gedurf het
om uit te gaan en hulle aan te val
in hulle vestings nie.
3 Ja, en dit het noodsaaklik ge-
word dat ons ons manne moes
gebruik om daardie dele van die
land te behou wat ons van ons be-
sittings herwin het; daarom het
dit noodsaaklik geword dat ons
moes wag, sodat ons meer ver-
sterkings mag verkry van die
land Zarahemla en ook ʼn nuwe
voorraad lewensmiddele.
4 En dit het ook gebeur dat ek
aldus ʼn boodskapper gestuur het
na die goewerneur van ons land,
om hom in kennis te stel van die
toestand van ons mense. En dit
het gebeur dat ons gewag het om
voorrade en versterkings te ont-
vang van die land Zarahemla.
5 Maar kyk, dit het ons maar
min gehelp; want die Lamaniete
het ook groot versterkings ont-
vang van dag tot dag, en ook baie
voorrade; en aldus was ons om-
standighede in hierdie tydperk.
6 En die Lamaniete het uitge-
kom van tyd tot tyd om ons aan
te val, vasbeslote deur strate-
gie om ons te vernietig; nogtans,
ons kon nie met hulle slaagsraak
nie, vanweë hulle skuilplekke en
hulle vestings.
7 En dit het gebeur dat ons ge-
wag het in hierdie moeilike om-
standighede vir ʼn tydperk van
baie maande, totdat ons op die
punt gestaan het om te vergaan
by gebrek aan voedsel.
8 Maar dit het gebeur dat ons
voedsel ontvang het, wat na ons
toe bewaak en gebring is deur ʼn
leër van tweeduisend man, vir
ons bystand; en dit was al die by-
stand wat ons ontvang het, om
onsself te verdedig en ons land,
om nie in die hande te val van ons
vyande nie, ja, om te veg teen ʼn
vyand wat ontelbaar was.

36*a* Alma 12:34.
**58** 1*a* Alma 52:21; 56:30.

9 En nou, die oorsaak van hierdie ons probleme, of die rede waarom hulle ons nie meer versterkings gestuur het nie, het ons nie geweet nie; daarom was ons bedroef en ook gevul met vrees, dat deur enige wyse die oordele van God oor ons land sou kom, tot ons omverwerping en algehele vernietiging.

10 Daarom het ons ons siele uitgestort in gebed tot God, dat Hy ons sou versterk en ons sou verlos uit die hande van ons vyande, ja, en ook om ons krag te gee dat ons ons stede mag behou, en ons lande, en ons besittings, vir die onderhoud van ons volk.

11 Ja, en dit het gebeur dat die Here onse God ons met versekeringe besoek het dat Hy ons sou verlos; ja, in soverre dat Hy vrede tot ons siele gespreek het, en aan ons groot geloof gegun het, en ons laat hoop het op verlossing in Hom.

12 En ons het moed geskep met ons klein mag wat ons ontvang het, en was vasbeslote met 'n vasberadenheid om ons vyande te oorwin, en om ons lande, en ons besittings, en ons vroue, en ons kinders, te [a]behou en die saak van ons [b]vryheid.

13 En so het ons uitgegaan met ons hele mag teen die Lamaniete, wat in die stad Manti was; en ons het ons tente opgeslaan aan die wildernis se kant, wat na aan die stad was.

14 En dit het gebeur dat op die volgende dag, toe die Lamaniete sien dat ons op die grense was van die wildernis wat naby die stad was, dat hulle hul spioene uitgestuur het rondom ons sodat hulle mag vasstel wat die getal en sterkte van ons leër was.

15 En dit het gebeur dat toe hulle sien dat ons nie sterk was, volgens ons getalle nie, en omdat hulle gevrees het dat ons hulle sou afsny van hulle steun tensy hulle sou uitkom om teen ons te veg en ons dood te maak, en ook omdat hulle veronderstel het dat hulle ons maklik kon vernietig met hulle talryke leërskare, daarom het hulle begin om voorbereidings te maak om teen ons uit te kom om te veg.

16 En toe ons sien dat hulle voorbereidings maak om teen ons uit te kom, kyk, het ek dat Gid, met 'n klein getal manne, homself in die wildernis laat versteek, en ook dat Teomner en 'n klein getal manne hulleself ook in die wildernis moes versteek.

17 Nou, Gid en sy manne was aan die regterkant en die ander aan die linkerkant; en nadat hulle hul so versteek het, kyk, het ek agtergebly, met die res van my leër, op daardie selfde plek waar ons eers ons tente opgeslaan het ter voorbereiding vir die tyd dat die Lamaniete sou uitkom om te veg.

18 En dit het gebeur dat die Lamaniete uitgekom het met hulle talryke leër teen ons. En toe hulle gekom het en op die punt was om

12 *a* Alma 46:12–13; Morm. 2:23.
*b* GS Vry, Vryheid.

ons aan te val met die swaard, het
ek my manne, dié wat by my was,
laat terugtrek in die wildernis.
19 En dit het gebeur dat die La-
maniete ons agtervolg het met
groot spoed, want hulle was ui-
termate begerig om ons in te haal
sodat hulle ons mag doodmaak;
daarom het hulle ons die wilder-
nis in gevolg; en ons het tussen
Gid en Teomner verbygegaan, in
soverre dat hulle nie gewaar is
deur die Lamaniete nie.
20 En dit het gebeur dat toe die
Lamaniete verbygegaan het, of
toe die leër verbygegaan het, het
Gid en Teomner opgestaan uit
hulle geheime plekke, en die spi-
oene van die Lamaniete afgesny
sodat hulle nie kon terugkeer na
die stad nie.
21 En dit het gebeur dat toe
hulle hul afgesny het, het hulle
na die stad gehardloop, en het die
wagte aangeval wat agtergelaat is
om die stad te bewaak, in soverre
dat hulle hul vernietig het en besit
geneem het van die stad.
22 Nou, dit is gedoen omdat
die Lamaniete hulle hele leër, be-
halwe slegs 'n paar wagte, toege-
laat het om weggelei te word in
die wildernis.
23 En dit het gebeur dat Gid en
Teomner op hierdie wyse besit ge-
kry het van hulle vestings. En dit
het gebeur dat ons ons rigting in-
geslaan het, nadat ons baie in die
wildernis gereis het, na die land
Zarahemla.
24 En toe die Lamaniete sien
dat hulle na die land Zarahemla
marsjeer, was hulle baie bevrees,
uit vrees dat daar 'n plan gesmee
was om hulle te lei tot vernieti-
ging; daarom het hulle weer begin
om terug te trek na die wildernis,
ja, en wel terug met dieselfde weg
as wat hulle gekom het.
25 En kyk, dit was nag, en hulle
het hul tente opgeslaan, want die
hoofkapteins van die Lamaniete
het veronderstel dat die Nefiete
moeg was vanweë hulle opmars;
en omdat hulle veronderstel het
dat hulle hul hele leër verdryf het,
daarom het hulle nie gedink aan
die stad Manti nie.
26 Nou het dit gebeur dat toe
dit nag was, het ek my manne nie
laat slaap nie, maar dat hul moes
voortmarsjeer langs 'n ander weg
na die land Manti.
27 En vanweë hierdie opmars
van ons in die nag, kyk, was ons
die volgende dag anderkant die
Lamaniete, in soverre dat ons
voor hulle aangekom het by die
stad Manti.
28 En dit het gebeur, dat deur
hierdie strategie het ons besit ge-
neem van die stad Manti sonder
die vergieting van bloed.
29 En dit het gebeur dat toe die
leërs van die Lamaniete aange-
kom het naby die stad, en sien dat
ons voorbereid was om hulle te
ontmoet, was hulle uitermate ver-
baas, en getref met groot vrees, in
soverre dat hulle die wildernis in-
gevlug het.
30 Ja, en dit het gebeur dat die
leërs van die Lamaniete gevlug
het uit hierdie hele gedeelte van

die land. Maar kyk, hulle het baie
vroue en kinders saam met hulle
uit die land geneem.
31 En [a]daardie stede wat deur
die Lamaniete geneem is, almal
van hulle, is op hierdie tydstip in
ons besit; en ons vaders en ons
vroue en ons kinders is besig om
terug te keer na hul huise, almal
behalwe diegene wat gevange ge-
neem is en weggevoer is deur die
Lamaniete.
32 Maar kyk, ons leërs is klein
om so 'n groot aantal stede te be-
hou en sulke groot besittings.
33 Maar kyk, ons vertrou op ons
God, wat ons oorwinning gegee
het oor daardie lande, in soverre
dat ons daardie stede en daardie
lande teruggekry het wat ons eie
was.
34 Nou weet ons nie die rede dat
die regering ons nie meer verster-
kings gun nie; ook weet daardie
manne wat na ons toe opgekom
het nie hoekom ons nie groter ver-
sterkings gekry het nie.
35 Kyk, ons weet nie maar ver-
onderstel dat julle onsuksesvol is,
en dat julle die magte onttrek het
na daardie gedeelte van die land;
as dit so is, begeer ons nie om te
murmureer nie.
36 En as dit nie so is nie, kyk,
dan vrees ons dat daar 'n [a]party-
stryd in die regering is, dat hulle
nie meer manne tot ons hulp
stuur nie, want ons weet dat hulle
talryker is as diegene wat hulle
gestuur het.
37 Maar kyk, dit maak nie saak
nie—ons vertrou God sal ons
[a]red, nieteenstaande die swak-
heid van ons leërs, ja, en ons ver-
los uit die hande van ons vyande.
38 Kyk, dit is die nege en twin-
tigste jaar, teen die einde, en ons
is in besit van ons lande, en die
Lamaniete het gevlug na die land
Nefi.
39 En daardie seuns van die volk
van Ammon, van wie ek gepraat
het met soveel goedkeuring, is by
my in die stad Manti; en die Here
het hulle ondersteun, ja, en hulle
bewaar om nie deur die swaard
te val nie, in soverre dat nie [a]een
siel gedood is nie.
40 Maar kyk, hulle het baie
wonde ontvang; nogtans staan
hulle vas in daardie [a]vryheid
waarmee God hulle vrygemaak
het; en hulle is nougeset om die
Here hulle God te onthou van dag
tot dag; ja, hulle poog om sy inset-
tinge, en sy verordeninge, en sy
gebooie, gedurigdeur te onder-
hou; en hulle geloof is sterk in
die profesieë aangaande dit wat
moet kom.
41 En nou, my geliefde broer,
Moroni, mag die Here ons God,
wat ons verlos het en ons vryge-
maak het, jou gedurigdeur in sy
teenwoordigheid hou; ja, en mag
Hy hierdie volk begunstig, en wel
dat julle welslae mag hê om be-
sit te verkry van dit alles wat die
Lamaniete van ons afgeneem het,
wat vir ons onderhoud was. En

31*a* Alma 56:14.
36*a* Alma 61:1–5.
37*a* 2 Kon. 17:38–39.
39*a* Alma 56:56.
40*a* GS Vry, Vryheid.

nou, kyk, ek sluit my brief af. Ek is Helaman, die seun van Alma.

## HOOFSTUK 59

*Moroni vra Pahoran om die leërs van Helaman te versterk—Die Lamaniete neem die stad Nefiha in—Moroni is kwaad vir die regering. Ongeveer 62 v.C.*

Nou het dit gebeur in die dertig-
ste jaar van die heerskappy van
die regters oor die volk van Nefi,
nadat Moroni Helaman se [a]brief
ontvang en dit gelees het, was hy
uitermate verheug vanweë die
welsyn, ja, die uitermate welslae
wat Helaman gehad het, in die
verkryging van daardie lande wat
verlore was.
2 Ja, en hy het dit bekend ge-
maak aan al sy mense, in die
hele land rondom daardie ge-
deelte waar hy was, sodat hulle
ook mag jubel.
3 En dit het gebeur dat hy on-
middellik [a]'n brief gestuur het
aan [b]Pahoran, om hom te vra dat
hy manne laat bymekaarmaak om
vir Helaman te versterk, of die
leërs van Helaman, in soverre dat
hy met gemak daardie deel van
die land mag behou waarin hy so
wonderbaarlik suksesvol was om
terug te wen.
4 En dit het gebeur toe Moroni
hierdie brief na die land Zara-
hemla gestuur het, het hy weer
'n plan begin bedink sodat hy die
orige gedeelte van daardie besit-
tings en stede mag verkry wat
die Lamaniete van hulle afge-
neem het.
5 En dit het gebeur dat terwyl
Moroni aldus besig was om voor-
bereidings te tref om teen die La-
maniete te gaan in die stryd, kyk,
die volk van Nefiha, wat byme-
kaargekom het uit die stad Mo-
roni en die stad Lehi, en die stad
Morianton, is aangeval deur die
Lamaniete.
6 Ja, selfs diegene wat verplig
was om te vlug uit die land Manti,
en uit die land rondomheen, het
oorgekom en by die Lamaniete
aangesluit in hierdie deel van die
land.
7 En omdat hulle gevolglik baie
talryk was, ja, en van dag tot dag
versterkings ontvang het, op be-
vel van Ammoron, het hulle uit-
gekom teen die volk van Nefiha,
en hulle het hulle begin slag met
'n uitermate groot slagting.
8 En hulle leërs was só talryk dat
die res van die volk van Nefiha
verplig was om voor hulle uit te
vlug; en hulle het selfs gekom en
aangesluit by die leër van Moroni.
9 En nou, omdat Moroni ver-
onderstel het dat manne na die
stad Nefiha gestuur moes word,
tot die bystand van die volk, om
daardie stad te behou, en omdat
hy geweet het dat dit makliker
was om te keer dat die stad nie
in die hande van die Lamaniete
val nie as om dit van hulle terug
te neem, het hy veronderstel dat
hulle maklik daardie stad kon be-
hou.

**59** 1*a* Alma 56:1.
3*a* Alma 60:1–3.
*b* Alma 50:40.

10 Daarom het hy sy hele mag teruggehou om daardie plekke te behou wat hy herower het.

11 En nou, toe Moroni sien dat die stad Nefiha verlore was, was hy uitermate bedroef, en het begin om te twyfel, vanweë die boosheid van die volk, of hulle nie in die hande van hulle broers sou val nie.

12 Nou, dit was die geval met al sy hoofkapteins. Hulle het getwyfel en hulle ook verwonder vanweë die boosheid van die volk, en dit vanweë die welslae van die Lamaniete oor hulle.

13 En dit het gebeur dat Moroni kwaad was vir die regering, vanweë hul [a]onverskilligheid aangaande die vryheid van hulle land.

## HOOFSTUK 60

*Moroni kla teenoor Pahoran aangaande die regering se verwaarlosing van die leërs—Die Here laat die regverdiges toe om gedood te word—Die Nefiete moet al hulle krag en middele gebruik om hulleself te verlos van hul vyande—Moroni dreig om teen die regering te veg tensy hulp aan sy leërs voorsien word. Ongeveer 62 v.C.*

En dit het gebeur dat hy weer aan die goewerneur van die land geskryf het, wat Pahoran was, en dit is die woorde wat hy geskryf, en gesê het: Kyk, ek rig my brief aan Pahoran, in die stad Zarahemla, wat die [a]hoofregter en die goewerneur is oor die land, en ook aan al diegene wat gekies is deur hierdie volk om te regeer en die sake van hierdie oorlog te beheer en te bestuur.

2 Want kyk, ek het ietwat te sê vir hulle by wyse van veroordeling; want kyk, julle weet self dat julle aangestel is om manne bymekaar te maak, en om hulle te bewapen met swaarde, en met sabels, en met allerlei wapens van oorlog van elke soort, en uit te stuur teen die Lamaniete, in welke dele hulle ook al in ons land mag binnekom.

3 En nou, kyk, ek sê vir julle dat ek, en ook my manne, en ook Helaman en sy manne, uitermate groot lyding verduur het; ja, en wel honger, dors, en uitputting, en allerlei verdrukkinge van elke soort.

4 Maar kyk, as dit al was wat ons gely het sou ons nie murmureer nie nóg kla.

5 Maar kyk, groot was die slagting onder ons volk, ja, duisende het geval deur die swaard, terwyl dit anders mag gewees het as julle voldoende versterkings en bystand en krag verleen het aan ons leërs. Ja, groot was julle versuim teenoor ons.

6 En nou, kyk, ons begeer om te weet wat die rede is vir hierdie uitermate groot versuim; ja, ons begeer om te weet wat die rede is van julle onbedagsame toestand.

7 Kan julle dink om op julle trone te sit in 'n toestand van onbedagsame versuftheid, terwyl

13*a* Alma 58:34; 61:2–3.
**60** 1*a* Alma 50:39–40.

julle vyande die werk van die dood versprei rondom julle? Ja, terwyl hulle duisende van julle broers vermoor—

8 Ja, naamlik hulle wat opgesien het na julle om beskerming, ja, het julle in ′n posisie geplaas dat julle hulle mag bygestaan het, ja, julle mag leërs na hulle gestuur het om hulle te versterk, en het duisende van hulle gered om deur die swaard te val.

9 Maar kyk, dit is nie al nie—julle het jul voorrade weerhou van hulle, in soverre dat baie geveg en hulle lewens weggebloei het vanweë hul groot begeertes wat hulle gehad het vir die welsyn van hierdie volk; ja, en dit het hulle gedoen toe hulle op die punt was om te [a]vergaan van honger, vanweë julle uitermate groot verwaarlosing van hulle.

10 En nou, my geliefde broers—want julle behoort geliefd te wees; ja, julle behoort julleself meer getrou te beywer het vir die welsyn en die vryheid van hierdie volk; maar kyk, julle het hulle verwaarloos in soverre dat die bloed van duisende op julle hoofde sal kom om wraak; ja, want aan God was al hulle krete bekend, en al hulle lyding—

11 Kyk, kon julle veronderstel dat julle op jul trone kon sit, en vanweë die buitengewone goedheid van God hoef julle niks te doen nie, en Hy sou julle verlos? Kyk, as julle dit gedink het, het julle dit tevergeefs gedink.

12 [a]Veronderstel julle dat, omdat soveel van julle broers gedood is dat dit as gevolg van hulle boosheid is? Ek sê vir julle, dat as julle dit gedink het, het julle tevergeefs gedink; want ek sê vir julle, daar is baie wat geval het deur die swaard; en kyk, dit is tot julle veroordeling;

13 Want die Here laat die [a]regverdiges toe om gedood te word sodat sy geregtigheid en oordeel oor die bose mag kom; daarom moet julle nie dink dat die regverdiges verlore is omdat hulle gedood word nie; maar kyk, hulle gaan die rus van die Here hulle God binne.

14 En nou kyk, ek sê vir julle, ek vrees uitermate dat die oordele van God oor hierdie volk sal kom, vanweë hulle uitermate traagheid, ja, en wel die traagheid van ons regering, en hulle uitermate groot verwaarlosing van hulle broers, ja, teenoor diegene wat gedood is.

15 Want as dit nie was vir die [a]boosheid wat eers by ons hoofde begin het nie, kon ons ons vyande weerstaan het dat hulle geen mag oor ons kon verkry het nie.

16 Ja, as dit nie was vir die [a]oorlog wat uitgebreek het onder onsself nie; ja, was dit nie vir hierdie [b]koningsmanne, wat soveel bloedvergieting veroorsaak het onder

9*a* Alma 58:7.
12*a* Lk. 13:1–5.
13*a* Alma 14:10–11; L&V 42:46–47.
15*a* Alma 51:9, 13.
16*a* Alma 51:16–19.
*b* Alma 51:5, 8.

ons nie; ja, in die tyd toe ons geveg het onder mekaar, as ons ons krag verenig het soos ons voorheen gedoen het; ja, as dit nie was vir die begeerte vir mag en gesag wat daardie koningsmanne oor ons gehad het nie; as hulle trou was aan die saak van ons vryheid, en met ons verenig het, en uitgegaan het teen ons vyande, in plaas van hul swaarde op te geneem het teen ons, wat die oorsaak was van soveel bloedvergieting onder onsself; ja, as ons uitgegaan het teen hulle in die sterkte van die Here, sou ons ons vyande verdryf het, want dit sou gedoen gewees het, volgens die vervulling van sy woord.

17 Maar kyk, nou kom die Lamaniete op ons af, en neem besit van ons lande, en hulle vermoor ons volk met die swaard, ja, ons vroue en ons kinders, en voer hulle ook weg as gevangenes, en laat hulle allerlei verdrukkinge ly, en dit vanweë die groot boosheid van diegene wat soek na mag en gesag, ja, en wel daardie koningsmanne.

18 Maar waarom moet ek veel sê aangaande hierdie saak? Want ons weet nie of julle self soek na gesag nie. Ons weet nie of julle nie dalk ook verraaiers van julle land is nie.

19 Of is dit dat julle ons verwaarloos het omdat julle in die hart van ons land is en julle omring is deur beskerming, dat julle nie kos na ons laat stuur nie, en ook manne om ons leërs te versterk nie?

20 Het julle die gebooie van die Here julle God vergeet? Ja, het julle die slawerny van ons vaders vergeet? Het julle die baie kere wat ons verlos is uit die hande van ons vyande vergeet?

21 Of veronderstel julle dat die Here ons nog steeds sal verlos, terwyl ons sit op ons trone, en nie gebruik maak van die middele wat die Here vir ons voorsien het nie?

22 Ja, sal julle in ledigheid sit terwyl julle omring word deur duisende van diegene, ja, en tienduisende, wat ook in ledigheid sit, terwyl daar duisende rondom op die grense van die land is wat val deur die swaard, ja, gewond en bloeiend.

23 Veronderstel julle dat God julle sal beskou as onskuldig terwyl julle stilsit en hierdie dinge aanskou? Kyk, ek sê vir julle, Nee. Nou wil ek hê dat julle moet onthou dat God gesê het dat die [a]binnekant van die vat eers gereinig sal word, en dan sal die buitekant ook gereinig word.

24 En nou, tensy julle bekeer van dit wat julle gedoen het, en begin om op te staan en te werk, en voedsel en manne aan ons te stuur, en ook aan Helaman, sodat hy daardie dele van ons land mag ondersteun wat hy herower het, en sodat ons ook die res van ons besittings kan terugwen in hierdie dele, kyk, dit sal raadsaam

23*a* Matt. 23:25–26.

wees dat ons nie langer teen die Lamaniete veg totdat ons eers die binnekant van ons vat gereinig het nie, ja, en wel die groot hoof van ons regering.
25 En tensy julle my brief gun, en uitkom en aan my 'n ware [a]gees van vryheid toon, en streef om ons leërs te versterk en te fortifiseer, en aan hulle voedsel vir hulle steun gun, kyk, ek sal 'n gedeelte van my vrymanne laat om hierdie deel van ons land te behou, en ek sal die sterkte en die seëninge van God op hulle laat, sodat geen ander mag teen hulle kan werk nie—
26 En dit vanweë hul uitnemende geloof, en hulle geduld in hul beproewinge—
27 En ek sal na julle kom, en as daar enigeen onder julle is wat 'n begeerte het vir vryheid, ja, as daar selfs 'n vonk van vryheid oorbly, kyk, ek sal rebellies onder julle opstook, totdat selfs diegene wat begeertes het om mag en gesag toe te eien, uitgewis sal wees.
28 Ja, kyk, ek vrees nie julle mag nóg julle gesag, maar dit is my [a]God wat ek vrees; en dit is ooreenkomstig sy gebooie wat ek my swaard opneem om die saak van my land te verdedig, en dit is vanweë julle ongeregtigheid dat ons soveel verlies gely het.
29 Kyk dit is tyd, ja, die tyd is nou op hande, dat tensy julle julself haas ter verdediging van julle land, en julle kindertjies, hang die [a]swaard van geregtigheid oor julle; ja, en dit sal op julle val, en julle besoek en wel tot julle volkome vernietiging.
30 Kyk, ek wag op hulp van julle; en, tensy julle aan ons behoeftes voorsien, kyk, ek kom na julle, selfs in die land Zarahemla, en tref julle met die swaard, in soverre dat julle geen mag meer kan hê om die vooruitgang van hierdie volk te belemmer in die saak van ons vryheid nie.
31 Want kyk, die Here sal nie toelaat dat julle sal lewe en erger word in julle ongeregtighede ter vernietiging van sy regverdige volk nie.
32 Kyk, kan julle veronderstel dat die Here julle sal spaar en uitkom in oordeel teen die Lamaniete, terwyl dit die oorlewering van hul vaders is wat hul haat veroorsaak het, ja, en dit is verերger deur diegene wat van ons afvallig geword het, terwyl júlle ongeregtigheid is as gevolg van julle liefde vir roem en die ydele dinge van die wêreld?
33 Julle weet dat julle die wette van God oortree, en julle weet dat julle hulle onder jul voete vertrap. Kyk, die Here sê vir my: As diegene wat julle aangestel het as julle goewerneurs nie bekeer van hulle sondes en ongeregtighede nie, sal julle opgaan in die stryd teen hulle.
34 En nou kyk, ek, Moroni, word gedwing, volgens die verbond wat ek gesluit het om die gebooie van my God te onderhou;

25*a* Alma 51:6; 61:15. | 28*a* Hand. 5:26–29. | 29*a* Hel. 13:5; 3 Ne. 2:19.

daarom wil ek hê dat julle moet gehoorsaam wees aan die woord van God, en spoedig vir my van julle voorrade en van julle manne stuur, en ook aan Helaman.

35 En kyk, as julle dit nie sal doen nie, kom ek spoedig na julle; want kyk, God sal nie toelaat dat ons moet omkom van die honger nie; daarom sal Hy vir ons van julle voedsel gee, al moet dit deur die swaard wees. Nou, sien dat julle die woord van God vervul.

36 Kyk, ek is Moroni, julle hoofkaptein. Ek [a]soek nie na mag nie, maar om dit te beëindig. Ek soek nie na die eer van die wêreld nie, maar vir die heerlikheid van my God, en die vryheid en welsyn van my land. En so sluit ek my brief af.

## HOOFSTUK 61

*Pahoran vertel Moroni van die opstand en rebellie teen die regering—Die koningsmanne neem Zarahemla in en is in ʼn bondgenootskap met die Lamaniete—Pahoran vra vir militêre bystand teen die rebelle. Ongeveer 62 v.C.*

Kyk, nou het dit gebeur dat kort nadat Moroni sy brief gestuur het aan die hoofgoewerneur, het hy ʼn brief ontvang van [a]Pahoran, die hoofgoewerneur. En hierdie is die woorde wat hy ontvang het:

2 Ek, Pahoran, wat die hoofgoewerneur van hierdie land is, stuur hierdie woorde aan Moroni, die hoofkaptein oor die leër. Kyk, ek sê vir jou, Moroni, dat ek nie verheug is oor julle groot [a]verdrukkinge nie, ja, dit bedroef my siel.

3 Maar kyk, daar is diegene wat wel verheug is oor jou verdrukkinge, ja, in soverre dat hulle in opstand gekom het teen my, en ook teen diegene van my volk wat [a]vrymanne is, ja, en diegene wat in opstand gekom het, is uitermate talryk.

4 En dit is diegene wat gesoek het om die regterstoel van my weg te neem wat die oorsaak was van hierdie groot ongeregtigheid; want hulle het baie vleitaal gebruik, en hulle het die harte van baie mense verlei, wat die oorsaak sal wees van bittere beproewing onder ons; hulle het ons voorrade teruggehou, en het ons vrymanne afgeskrik dat hulle nie na julle gekom het nie.

5 En kyk, hulle het my voor hulle uitgedryf, en ek het na die land Gídeon gevlug met soveel manne as wat dit moontlik was wat ek kon kry.

6 En kyk, ek het ʼn aankondiging gestuur dwarsdeur hierdie deel van die land; en kyk, hulle kom daagliks na ons aangestroom, om hulle wapens op te neem, ter verdediging van hul land en hul [a]vryheid, en om ons onregte te wreek.

7 En hulle het na ons gekom, in soverre dat diegene wat in rebellie teen ons gekom het, teengestaan

36*a* L&V 121:39–42.
**61** 1*a* Alma 50:39–40.
2*a* Alma 60:3–9.
3*a* Alma 51:6–7.
6*a* GS Vry, Vryheid.

word, ja, in soverre dat hulle ons vrees, en nie durf om uit te kom teen ons om te veg nie.

8 Hulle het besit gekry van die land, of die stad, Zarahemla; hulle het ʼn koning aangestel oor hulle, en hy het geskryf aan die koning van die Lamaniete, waarin hy ʼn ooreenkoms met hom aangegaan het; ʼn ooreenkoms waarin hy onderneem het om die stad Zarahemla te behou, welke behoud hy veronderstel die Lamaniete in staat sal stel om die orige gedeelte van die land te oorwin, en hy sal as koning aangestel word oor hierdie volk wanneer hulle oorwin sal word deur die Lamaniete.

9 En nou, in jou brief het jy my veroordeel, maar dit maak nie saak nie; ek is nie vertoornd nie, maar verheug my in die grootheid van jou hart. Ek, Pahoran, soek nie na mag nie, behalwe slegs om my regterstoel te behou, sodat ek die regte en vryheid van my volk mag bewaar. My siel staan vas in daardie vryheid waarin God ons [a]vrygemaak het.

10 En nou, kyk, ons sal boosheid weerstaan en wel tot bloedvergieting toe. Ons sal nie die bloed van die Lamaniete vergiet as hulle in hulle eie land sou bly nie.

11 Ons sal nie die bloed van ons broers vergiet as hulle nie in opstand teen ons sal kom, en die swaard opneem teen ons nie.

12 Ons sou ons onderwerp het aan die juk van slawerny as dit noodsaaklik is volgens die geregtigheid van God, of as Hy ons sou beveel om dit te doen.

13 Maar kyk, Hy beveel ons nie dat ons ons aan ons vyande moet onderwerp nie, maar dat ons ons [a]vertroue in Hom moet stel, en Hy sal ons verlos.

14 Daarom, my geliefde broer, Moroni, laat ons boosheid [a]weerstaan, en welke boosheid ons nie kan weerstaan met ons woorde nie, ja, soos rebellies en twiste, laat ons hulle weerstaan met ons swaarde, sodat ons ons vryheid mag behou, sodat ons ons kan verheug in die groot voorreg van ons kerk, en in die saak van ons Verlosser en ons God.

15 Daarom, kom spoedig na my met ʼn paar van jou manne, en laat die oorblywendes onder die bevel van Lehi en Teankum; gee aan hulle mag om die oorlog te voer in daardie deel van die land, volgens die [a]Gees van God, wat ook die Gees van vryheid is wat in hulle is.

16 Kyk, ek het ʼn bietjie voorrade aan hulle gestuur, sodat hulle nie mag vergaan totdat jy na my kan kom nie.

17 Maak watter mag jy ook al kan bymekaar met jou opmars hierheen, en ons sal spoedig teen daardie afvalliges gaan, in die sterkte van ons God volgens die geloof wat in ons is.

18 En ons sal besit neem van die

9*a* Joh. 8:31–36; L&V 88:86.
13*a* GS Geloof, Glo; Vertrou.
14*a* Alma 43:47.
15*a* 2 Kor. 3:17. GS Heilige Gees.

stad Zarahemla, sodat ons meer voedsel mag verkry om aan Lehi en Teankum te stuur; ja, ons sal uitgaan teen hulle in die sterkte van die Here, en ons sal ʼn einde maak aan hierdie groot ongeregtigheid.

19 En nou, Moroni, ek is verheug in die ontvangs van jou brief, want ek was ietwat bekommerd aangaande wat ons moet doen, of dit reg van ons sou wees om teen ons broers te gaan.

20 Maar jy het gesê, tensy hulle bekeer, het die Here jou beveel dat jy teen hulle moes gaan.

21 Sien dat jy Lehi en Teankum [a]versterk in die Here; sê vir hulle om nie te vrees nie, want God sal hulle verlos, ja, en ook al diegene wat vasstaan in daardie vryheid waarmee God hulle vrygemaak het. En nou sluit ek my brief aan my geliefde broer, Moroni, af.

## HOOFSTUK 62

*Moroni marsjeer tot die hulp van Pahoran in die land Gídeon—Die koningsmanne wat weier om hulle land te verdedig word gedood—Pahoran en Moroni herower Nefiha—Baie Lamaniete sluit aan by die volk van Ammon—Teankum dood Ammoron en word op sy beurt gedood—Die Lamaniete word uit die land verdryf, en vrede word gevestig—Helaman keer terug na die bediening en bou die Kerk op. Ongeveer 62–57 v.C.*

En nou het dit gebeur dat toe Moroni hierdie brief ontvang het, het sy hart moed geskep, en was vervul met uitermate groot vreugde vanweë die getrouheid van Pahoran, dat hy nie ook ʼn [a]verraaier van die vryheid en die saak van sy land was nie.

2 Maar hy het ook uitermate getreur vanweë die ongeregtigheid van diegene wat Pahoran van die regterstoel verdryf het, ja, kortom, vanweë diegene wat gerebelleer het teen hulle land en ook hulle God.

3 En dit het gebeur dat Moroni ʼn klein aantal manne geneem het, volgens die begeerte van Pahoran, en het Lehi en Teankum bevel gegee oor die res van sy leër, en het sy opmars na die land Gídeon geneem.

4 En hy het die [a]vaandel van [b]vryheid gehys in watter plek hy ook al binnegegaan het, en het watter magte hy kon, bygekry, gedurende sy hele opmars na die land Gídeon.

5 En dit het gebeur dat duisende na sy vaandel aangestroom het, en het hulle swaarde opgeneem ter verdediging van hulle vryheid, sodat hulle nie in slawerny sou kom nie.

6 En dus, nadat Moroni al die manne wat hy kon bymekaargemaak het gedurende sy hele opmars, het hy by die land Gídeon gekom; en toe hy sy magte verenig het met dié van Pahoran,

21 *a* Sag. 10:12.
**62** 1 *a* Alma 60:18.
4 *a* Alma 46:12–13, 36. GS Vaandel.
*b* GS Vry, Vryheid.

het hulle uitermate sterk geword, selfs sterker as die manne van Pachus, wat die [a]koning was van daardie afvalliges wat die [b]vrymanne verdryf het uit die land Zarahemla, en besit geneem het van die land.
7 En dit het gebeur dat Moroni en Pahoran met hulle leërs afgegaan het na die land Zarahemla, en het teen die stad opgetrek, en die manne van Pachus teëgekom, in soverre dat hulle slaags geraak het.
8 En kyk, Pachus is gedood en sy manne is gevange geneem, en Pahoran is herstel tot sy regterstoel.
9 En die manne van Pachus het hulle verhoor ontvang, volgens die wet, en ook daardie koningsmanne wat geneem en in die gevangenis gewerp is; en hulle is [a]tereggestel volgens die wet; ja, daardie manne van Pachus en daardie koningsmanne, wie ook al nie wapens wou opneem ter verdediging van hul land nie, maar wat daarteen wou stry, is gedood.
10 En so het dit noodsaaklik geword dat hierdie wet streng onderhou moes word vir die veiligheid van hul land; ja, en wie ook al gevind is wat hulle vryheid verloën, is spoedig tereggestel volgens die wet.
11 En so het die dertigste jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi geëindig; Moroni en Pahoran het vrede herstel in die land Zarahemla, onder hul eie volk, en het die doodstraf toegepas op diegene wat nie trou was aan die saak van vryheid nie.
12 En dit het gebeur aan die begin van die een en dertigste jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi, dat Moroni dadelik voorrade laat stuur het, en ook moes ′n leër van sesduisend manne gestuur word aan Helaman, om hom by te staan in die behoud van daardie deel van die land.
13 En hy het ook ′n leër van sesduisend manne, met voldoende hoeveelheid voedsel, laat stuur na die leërs van Lehi en Teankum. En dit het gebeur dat dit gedoen is om die land te versterk teen die Lamaniete.
14 En dit het gebeur dat Moroni en Pahoran ′n groot groep manne in die land Zarahemla agtergelaat het, hul opmars geneem het met ′n groot groep manne na die land Nefiha, omdat hulle vasberade was om die Lamaniete in daardie stad te verslaan.
15 En dit het gebeur dat terwyl hulle gemarsjeer het na die land, het hulle ′n groot groep manne van die Lamaniete geneem, en baie van hulle doodgemaak, en hul voorrade en hulle wapens van oorlog afgeneem.
16 En dit het gebeur nadat hulle hul geneem het, het hulle hul ′n verbond laat sluit dat hulle nie meer hul wapens van oorlog sou opneem teen die Nefiete nie.

6*a* Alma 61:4–8. | *b* Alma 51:5–7. | 9*a* GS Doodstraf.

17 En toe hulle hierdie verbond gesluit het, het hulle hul gestuur om te woon by die volk van Ammon, en hulle was in getal omtrent vierduisend wat nie gedood is nie.

18 En dit het gebeur dat toe hulle hul weggestuur het, het hulle hul opmars na die land Nefiha voortgesit. En dit het gebeur toe hulle by die stad Nefiha aangekom het, het hulle hul tente opgeslaan op die vlaktes van Nefiha, wat naby die stad Nefiha is.

19 Nou, Moroni was begerig dat die Lamaniete moes uitkom om teen hulle op die vlaktes te veg, maar die Lamaniete, omdat hulle geweet het van hulle uitermate groot moed, en die grootheid van hulle getalle waargeneem het, daarom het hulle nie gedurf om teen hulle te kom nie, daarom het hulle nie op daardie dag uitgekom om te veg nie.

20 En toe dit nag word, het Moroni uitgegaan in die donkerte van die nag, en bo-op die muur geklim om te kyk in watter gedeelte van die stad die Lamaniete gekamp het met hulle leër.

21 En dit het gebeur dat hulle aan die oostekant was, by die ingang; en hulle was almal aan die slaap. En nou het Moroni na sy leër teruggegaan en hulle inderhaas sterk toue en lere laat voorberei om neergelaat te word van bo van die muur af na die binnekant van die muur.

22 En dit het gebeur dat Moroni sy manne laat opmarsjeer het, en bo-op die muur laat kom het, en hulself laat afsak het in daardie deel van die stad, ja, en wel aan die westekant, waar die Lamaniete nie gekamp was met hulle leër nie.

23 En dit het gebeur dat hulle almal neergelaat is in die stad gedurende die nag, deur middel van hulle sterk toue en hulle lere; dus toe dit oggend word, was hulle almal binne die mure van die stad.

24 En nou toe die Lamaniete wakker word en sien dat die leërs van Moroni binne die mure was, was hulle uitermate beangs, in soverre dat hulle by die poort uitgevlug het.

25 En nou toe Moroni sien dat hulle voor hom uitvlug, het hy sy manne teen hulle laat opmarsjeer, en baie gedood, en baie ander omsingel, en hulle gevange geneem; en die res van hulle het gevlug na die land Moroni, wat aan die grense by die seekus was.

26 So het Moroni en Pahoran besit gekry van die stad Nefiha sonder die verlies van een siel; en daar was baie van die Lamaniete wat gedood is.

27 Nou het dit gebeur dat baie van die Lamaniete wat gevangenes was, begerig was om by die [a]volk van Ammon aan te sluit en ʼn vrye volk te word.

28 En dit het gebeur dat soveel as wat begerig was, aan hulle is volgens hul begeertes gegun.

29 Daarom het al die gevangenes van die Lamaniete aangesluit

27*a* GS Anti-Nefi-Lehi's.

by die volk van Ammon, en het begin om uitermate te arbei, om die grond te bewerk, en allerhande graansoorte te kweek, en kleinvee en grootvee van elke soort; en so is die Nefiete verlig van ′n groot las; ja, in soverre dat hulle verlig was van al die gevangenes van die Lamaniete.

30 Nou het dit gebeur dat Moroni, nadat hy besit gekry het van die stad Nefiha, en nadat hy baie gevangenes geneem het, wat die leërs van die Lamaniete aansienlik verminder het, en nadat hy baie Nefiete teruggekry het wat gevange geneem was, wat die leër van Moroni uitermate versterk het; daarom het Moroni uit die land Nefiha getrek na die land Lehi.

31 En dit het gebeur dat toe die Lamaniete sien dat Moroni teen hulle kom, was hulle weer bevrees en het gevlug voor Moroni se leër.

32 En dit het gebeur dat Moroni en sy leër hulle agtervolg het van stad tot stad, totdat hulle ontmoet is deur Lehi en Teankum; en die Lamaniete het weggevlug van Lehi en Teankum, tot by die grense van die seekus, totdat hulle by die land Moroni gekom het.

33 En die leërs van die Lamaniete was almal byeen versamel, in soverre dat hulle almal in een groep was in die land Moroni. Nou Ammoron, die koning van die Lamaniete, was ook met hulle.

34 En dit het gebeur dat Moroni en Lehi en Teankum met hulle leërs rondom op die grense van die land Moroni gekamp het, in soverre dat die Lamaniete omring was op die grense naby die wildernis aan die suidekant, en op die grense naby die wildernis aan die oostekant.

35 En dus het hulle gekamp vir die nag. Want kyk, die Nefiete en ook die Lamaniete, was moeg as gevolg van die groot afstand van die opmars; daarom het hulle oor geen strategie gedurende die nag besin nie, behalwe Teankum; want hy was uitermate vertoornd op Ammoron, in soverre dat hy gereken het dat Ammoron, en Amalikia sy broer, die [a]oorsaak was van hierdie groot en langdurige oorlog tussen hulle en die Lamaniete, wat die oorsaak was van soveel oorlog en bloedvergieting, ja, en soveel hongersnood.

36 En dit het gebeur dat Teankum in sy toorn uitgegaan het na die kamp van die Lamaniete, en homself neergelaat het oor die mure van die stad. En hy het met ′n tou van plek tot plek gegaan, in soverre dat hy die koning gevind het; en hy het hom met ′n spies [a]gegooi, wat hom naby die hart deursteek het. Maar kyk, die koning het sy diensknegte wakker gemaak voordat hy gesterf het, in soverre dat hulle Teankum agternagesit, en hom gedood het.

37 Nou het dit gebeur dat toe Lehi en Moroni ontdek dat Teankum dood was, was hulle

35*a* Alma 48:1.
36*a* Alma 51:33–34.

uitermate bedroef; want kyk, hy was ′n man wat dapper geveg het vir sy land, ja, ′n ware vriend van vryheid; en hy het vele uitermate sware verdrukkinge gely. Maar kyk, hy was dood, en het die weg van die ganse aarde gegaan.

38 Nou het dit gebeur dat Moroni die volgende dag uitgemarsjeer het en op die Lamaniete afgekom het, in soverre dat hulle hul met ′n groot slagting geslag het; en hulle het hulle uit die land verdryf; en hulle het gevlug, dat hulle nie in daardie tyd teruggekeer het teen die Nefiete nie.

39 En so het die een en dertigste jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi geëindig; en so het hulle oorloë, en bloedvergietinge gehad, en hongersnood, en verdrukking, vir ′n tydperk van baie jare.

40 En daar was moorde, en twiste, en onenighede, en allerlei ongeregtighede onder die volk van Nefi gewees; nogtans, vir die [a]regverdiges se ontwil, ja, ter wille van die gebede van die regverdiges, is hulle gespaar.

41 Maar kyk, vanweë die uitermate lang duurte van die oorlog tussen die Nefiete en die Lamaniete het baie verhard geword, vanweë die uitermate lang duurte van die oorlog; en baie is verteder vanweë hulle [a]verdrukkinge, in soverre dat hulle hulself verootmoedig het voor God, en wel tot die dieptes van ootmoed.

42 En dit het gebeur dat nadat Moroni daardie dele van die land versterk het wat die meeste blootgestel is aan die Lamaniete, totdat hulle sterk genoeg was, het hy teruggekeer na die stad Zarahemla, en Helaman het ook teruggekeer na die plek van sy erfenis; en daar is weer eens vrede gevestig onder die volk van Nefi.

43 En Moroni het die bevel van sy leërs oorgegee in die hande van sy seun, wie se naam Moroniha was; en hy het na sy eie huis teruggetrek, sodat hy die res van sy dae in vrede mag deurbring.

44 En Pahoran het teruggekeer na sy regterstoel; en Helaman het dit weer op hom geneem om die woord van God te preek aan die volk; want as gevolg van so baie oorloë en twiste het dit noodsaaklik geword dat ′n verordening weer gemaak moes word in die kerk.

45 Daarom, Helaman en sy broers het uitgegaan, en die woord van God verkondig met groot krag tot die [a]oortuiging van baie mense van hul boosheid, wat hulle van hul sondes laat bekeer het en om gedoop te word tot die Here hulle God.

46 En dit het gebeur dat hulle weer die kerk van God gevestig het, dwarsdeur die hele land.

47 Ja, en verordeninge is gemaak aangaande die wet. En hul [a]regters, en hul hoofregters is gekies.

48 En die volk van Nefi het weer begin om [a]voorspoedig te word in

40*a* Alma 45:15–16.
41*a* GS Teenstand.
45*a* L&V 18:44.
47*a* Mosia 29:39.
48*a* Alma 50:20.

die land, en het begin om te vermeerder en weer uitermate sterk geword in die land. En hulle het begin om uitermate ryk te word.
49 Maar nieteenstaande hul rykdom, of hul sterkte, of hul voorspoed, was hulle nie verhef in die hoogmoed van hul oë nie; nóg was hulle traag om die Here hulle God te onthou; maar hulle het hul uitermate verootmoedig voor Hom.
50 Ja, hulle het onthou watter groot dinge die Here vir hulle gedoen het, dat Hy hulle verlos het van die dood, en van gebondenheid, en van gevangenisse, en van allerlei verdrukkinge, en Hy het hulle verlos uit die hande van hul vyande.
51 En hulle het voortdurend gebid tot die Here hulle God, in soverre dat die Here hulle geseën het, volgens sy woord, sodat hulle sterk geword het en voorspoedig was in die land.
52 En dit het gebeur dat al hierdie dinge gedoen is. En Helaman het gesterwe in die vyf en dertigste jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi.

## HOOFSTUK 63

*Sjiblon en later Helaman neem besit van die heilige kronieke—Baie Nefiete reis na die land noordwaarts—Hagot bou skepe wat uitvaar op die westelike see—Moroniha verslaan die Lamaniete in 'n stryd. Ongeveer 56–52 v.C.*

En dit het gebeur aan die begin van die ses en dertigste jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi, dat [a]Sjiblon besit geneem het van daardie [b]heilige dinge wat oorhandig is aan Helaman deur Alma.
2 En hy was 'n regverdige man, en hy het opreg gewandel voor God; en hy het gepoog om gedurigdeur goed te doen, om die gebooie te onderhou van die Here sy God; en ook so het sy broer gedoen.
3 En dit het gebeur dat Moroni ook gesterf het. En so het die ses en dertigste jaar van die heerskappy van die regters geëindig.
4 En dit het gebeur dat in die sewe en dertigste jaar van die heerskappy van die regters, was daar 'n groot groep van manne, en wel die getal van vyfduisend vierhonderd manne, met hul vroue en hul kinders, wat uit die land Zarahemla vertrek het na die land wat [a]noordwaarts was.
5 En dit het gebeur dat Hagot, omdat hy 'n uitermate weetgierige man was, daarom het hy uitgegaan en vir hom 'n uitermate groot skip gebou, op die grense van die land Oorvloed, by die land Verlatenheid, en het dit te water gelaat in die westelike see, by die [a]smal strook wat na die land noordwaarts gelei het.
6 En kyk, daar was baie van die Nefiete wat dit binnegegaan het, en weggeseil het met veel

**63** 1*a* Alma 38:1–2.
*b* Alma 37:1–12.
GS Heilig.
4*a* Alma 22:31.
5*a* Alma 22:32; Ether 10:20.

voorrade, en ook baie vroue en kinders; en hulle het hul koers noordwaarts ingeslaan. En so het die sewe en dertigste jaar geëindig.

7 En in die agt en dertigste jaar het hierdie man ander skepe gebou. En die eerste skip het ook teruggekeer, en baie meer mense het dit binnegegaan; en hulle het ook baie voorrade saamgeneem, en weer weggeseil na die land noordwaarts.

8 En dit het gebeur dat hulle nooit meer van gehoor is nie. En ons veronderstel dat hulle verdrink het in die dieptes van die see. En dit het gebeur dat nog 'n skip ook weggeseil het; en waarheen sy gegaan het, weet ons nie.

9 En dit het gebeur dat in hierdie jaar was daar baie mense wat uitgegaan het na die land [a]noordwaarts. En so het die agt en dertigste jaar geëindig.

10 En dit het gebeur in die nege en dertigste jaar van die heerskappy van die regters, dat Sjiblon ook gesterf het, en Corianton het na die land noordwaarts in 'n skip uitgegaan, om voorrade weg te bring vir die mense wat na daardie land gegaan het.

11 Daarom het dit noodsaaklik geword vir Sjiblon om daardie heilige dinge voor sy dood oor te dra aan die seun van [a]Helaman, wat Helaman genoem is, omdat hy vernoem is na sy vader.

12 Nou kyk, al daardie [a]graverings wat in die besit was van Helaman, is geskryf en uitgestuur onder die kinders van mense dwarsdeur die hele land, behalwe daardie gedeeltes wat deur Alma beveel is [b]nie uitgestuur moes word nie.

13 Nogtans, hierdie dinge moes heilig gehou word, en van een geslag na 'n ander [a]oorgedra word; daarom is hulle in hierdie jaar oorgedra aan Helaman, voor die dood van Sjiblon.

14 En dit het ook gebeur in hierdie jaar dat daar sommige afvalliges was wat oorgegaan het na die Lamaniete; en hulle is weer opgestook tot toorn teen die Nefiete.

15 En ook in hierdie selfde jaar het hulle afgekom met 'n talryke leër om oorlog te maak teen die volk van [a]Moroniha, of teen die leër van Moroniha, waarin hulle verslaan en weer teruggedryf is na hul eie lande, en het groot verliese gely.

16 En so het die nege en dertigste jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi geëindig.

17 En so het die kroniek van Alma geëindig, en Helaman sy seun, en ook Sjiblon, wat sy seun was.

9*a* Hel. 3:11–12.
11*a* Sien opskrif van die Boek van Helaman.
12*a* Alma 18:36.
*b* Alma 37:27–32.
13*a* Alma 37:4.
15*a* Alma 62:43.

# DIE BOEK VAN HELAMAN

'n Kroniek van die Nefiete. Hul oorloë en twiste, en hul onenighede. En ook die profesieë van baie heilige profete, voor die koms van Christus, volgens die kronieke van Helaman, wat die seun van Helaman was, en ook volgens die kronieke van sy seuns, en wel tot by die koms van Christus. En ook baie van die Lamaniete word bekeer. 'n Kroniek van hul bekering. 'n Kroniek van die regverdigheid van die Lamaniete, en die boosheid en gruwels van die Nefiete, volgens die kroniek van Helaman en sy seuns, en wel tot by die koms van Christus, wat die boek van Helaman genoem word, ensovoorts.

## HOOFSTUK 1

*Pahoran die tweede word hoofregter en word vermoor deur Kiskumen—Pacumeni beklee die regterstoel—Coriantumr lei die Lamanitiese leërs, verower Zarahemla, en dood Pacumeni—Moroniha verslaan die Lamaniete en herower Zarahemla, en Coriantumr word gedood. Ongeveer 52–50 v.C.*

EN nou kyk, dit het gebeur aan die begin van die veertigste jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi, het daar ernstige probleme onder die volk van die Nefiete gekom.

2 Want kyk, [a]Pahoran het gesterwe, en die weg van die ganse aarde gegaan; daarom het daar 'n ernstige twis begin aangaande wie die regterstoel moes hê onder die broers, wat die seuns van Pahoran was.

3 Nou, hierdie is hul name wat gewedywer het om die regterstoel, wat ook die volk laat wedywer het: Pahoran, Paänchi en Pacumeni.

4 Nou hierdie is nie al die seuns van Pahoran nie (want hy het baie gehad), maar hierdie is hulle wat gewedywer het om die regterstoel; daarom, hulle het drie verdelings onder die volk veroorsaak.

5 Nogtans, dit het gebeur dat Pahoran aangestel is deur die [a]stem van die volk om hoofregter te wees en 'n goewerneur oor die volk van Nefi.

6 En dit het gebeur dat Pacumeni, toe hy sien dat hy nie die regterstoel kon verkry nie, het hy hom verenig met die stem van die volk.

7 Maar kyk, Paänchi, en daardie gedeelte van die volk wat begerig was dat hy hul goewerneur moes wees, was uitermate vertoornd; daarom, hy het op die punt gestaan om met vleitaal daardie mense te verlei om op te staan in rebellie teen hulle broers.

8 En dit het gebeur terwyl hy

**1** 2*a* Alma 50:40.
5*a* Mosia 29:26–29.

op die punt gestaan het om dit te doen, kyk, hy is geneem en verhoor volgens die stem van die volk, en veroordeel tot die dood; want hy het opgestaan in rebellie en gesoek om die [a]vryheid van die volk te vernietig.

9 Nou, toe daardie mense wat begerig was dat hy hul goewerneur moes wees, sien dat hy veroordeel is tot die dood, daarom was hulle kwaad, en kyk, hulle het ene Kiskumen uitgestuur, sover as tot by die regterstoel van Pahoran, en het Pahoran vermoor terwyl hy op die regterstoel gesit het.

10 En hy is agternagesit deur die diensknegte van Pahoran; maar kyk, so vinnig was die vlug van Kiskumen dat geen mens hom kon inhaal nie.

11 En hy het na diegene gegaan wat hom gestuur het, en hulle het almal ′n verbond gesluit, ja, en gesweer by hulle ewigdurende Maker, dat hulle geen mens sou vertel dat Kiskumen vir Pahoran vermoor het nie.

12 Daarom, Kiskumen was nie bekend onder die volk van Nefi nie, want hy was vermom ten tyde dat hy vir Pahoran vermoor het. En Kiskumen en sy bende, wat met hom ′n verbond gesluit het, het hulleself met die mense vermeng, op ′n wyse dat hulle almal nie gevind kon word nie; maar soveel as wat gevind is, is veroordeel tot die [a]dood.

13 En nou kyk, Pacumeni is aangestel, volgens die stem van die volk, om ′n hoofregter en ′n goewerneur oor die volk te wees, om te heers in die plek van sy broer Pahoran; en dit was volgens sy reg. En dit alles is gedoen in die veertigste jaar van die heerskappy van die regters; en dit het ′n einde gehad.

14 En dit het gebeur in die een en veertigste jaar van die heerskappy van die regters, dat die Lamaniete ′n ontelbare leër van manne bymekaargemaak het, en hulle bewapen het met swaarde, en met sabels en met boë, en met pyle, en met helms, en met borsplate, en met allerlei skilde van elke soort.

15 En hulle het weer afgekom dat hulle mag stryd voer teen die Nefiete. En hulle is gelei deur ′n man wie se naam Coriantumr was; en hy was ′n afstammeling van Zarahemla; en hy was ′n afvallige van die Nefiete; en hy was ′n groot en ′n magtige man.

16 Daarom het die koning van die Lamaniete, wie se naam Tubalot was, wat die seun was van [a]Ammoron, veronderstel dat Coriantumr, omdat hy ′n magtige man was, kon staan teen die Nefiete, met sy krag en ook met sy groot wysheid, in soverre dat deur hom uit te stuur hy mag sou bekom oor die Nefiete—

17 Daarom het hy hulle opgestook tot toorn, en hy het sy leërs bymekaargemaak, en hy het Coriantumr aangestel om hulle leier te

8*a* GS Vry, Vryheid.
12*a* GS Doodstraf.
16*a* Alma 52:3.

wees, en hulle laat marsjeer na die
land Zarahemla om te veg teen
die Nefiete.
18 En dit het gebeur dat van-
weë soveel twis en soveel pro-
bleme in die regering, dat hulle
nie voldoende wagte aangehou
het in die land Zarahemla nie;
want hulle het veronderstel dat
die Lamaniete nie durf waag om
in die hart van hulle lande te kom
om daardie groot stad Zarahemla
aan te val nie.
19 Maar dit het gebeur dat Co-
riantumr gemarsjeer het aan die
hoof van sy groot leër, en afge-
kom het op die inwoners van
die stad, en hul opmars was met
sulke uitermate groot spoed, dat
daar geen tyd was vir die Nefiete
om hulle talryke leërskare byme-
kaar te maak nie.
20 Daarom het Coriantumr die
wag neergevel by die ingang van
die stad, en het marsjeer met sy
hele leër in die stad in, en hulle
het elkeen gedood wat hulle weer-
staan het, in soverre dat hulle be-
sit geneem het van die hele stad.
21 En dit het gebeur dat Pacu-
meni, wat die hoofregter was, uit-
gevlug het voor Coriantumr, tot
by die mure van die stad. En dit
het gebeur dat Coriantumr hom
teen die muur geslaan het, in so-
verre dat hy gesterf het. En so het
die dae van Pacumeni geëindig.
22 En nou, toe Coriantumr sien
dat hy in besit was van die stad
Zarahemla, en sien dat die Ne-
fiete voor hulle gevlug het, en ge-
dood is, en geneem is, en in die
gevangenis gewerp is, en dat hy
die besit verkry het van die sterk-
ste vesting in die hele land, het sy
hart moed geskep in soverre dat
hy op die punt gestaan het om uit
te gaan teen die hele land.
23 En nou het hy nie vertoef in
die land Zarahemla nie, maar hy
het gemarsjeer met ′n groot leër,
en wel na die stad Oorvloed; want
dit was sy voorneme om uit te
gaan en sy pad oop te sny met
die swaard, sodat hy die noorde-
like dele van die land mag verkry.
24 En, veronderstellend dat
hulle grootste krag in die middel
van die land was, daarom het hy
gemarsjeer, en hulle geen tyd ge-
gun om hulself bymekaar te maak
nie, behalwe as dit in klein groe-
pies was; en op hierdie wyse het
hulle op hul geval en hulle neer-
gevel op die aarde.
25 Maar kyk, hierdie opmars
van Coriantumr deur die mid-
del van die land het Moroniha
groot voordeel gegee oor hulle,
nieteenstaande die grootheid van
die aantal van die Nefiete wat ge-
dood is.
26 Want kyk, Moroniha het ver-
onderstel dat die Lamaniete nie
durf kom in die middel van die
land nie, maar dat hulle die stede
sou aanval omliggend aan die
grense, soos hulle tot dusver ge-
doen het; daarom het Moroniha
hulle sterk leërs daardie dele laat
beheer omliggend aan die grense.
27 Maar kyk, die Lamaniete was
nie verskrik volgens sy begeerte
nie, maar hulle het gekom tot in

die middel van die land, en het die hoofstad geneem wat die stad Zarahemla was, en het gemarsjeer deur die belangrikste dele van die land, terwyl hulle die volk geslag het met ʼn groot slagting, beide manne, vroue, en kinders, en besit geneem het van baie stede en van baie vestings.

28 Maar toe Moroniha dit ontdek het, het hy onmiddellik Lehi uitgestuur met ʼn leër rondom om hulle te stuit voordat hulle in die land Oorvloed sou kom.

29 En so het hy gedoen; en hy het hulle gestuit voordat hulle by die land Oorvloed gekom het, en hulle die stryd aangesê, in soverre dat hulle begin het om terug te trek na die land Zarahemla.

30 En dit het gebeur dat Moroniha hulle gestuit het in hul aftog, en het hulle die stryd aangesê, in soverre dat dit ʼn uitermate bloedige geveg geword het; ja, baie is gedood, en onder die aantal wat gedood is was [a]Coriantumr ook gevind.

31 En nou, kyk, die Lamaniete kon nie terugtrek na enige kant toe nie, nóg aan die noorde, nóg aan die suide, nóg aan die ooste, nóg aan die weste, want hulle was omsingel aan elke kant deur die Nefiete.

32 En so het Coriantumr die Lamaniete gedompel in die midde van die Nefiete, in soverre dat hulle in die mag was van die Nefiete, en hy is self gedood; en die Lamaniete het hulself oorgegee in die hande van die Nefiete.

33 En dit het gebeur dat Moroniha weer besit geneem het van die stad Zarahemla, en die Lamaniete wat gevange geneem is laat vertrek uit die land in vrede.

34 En so het die een en veertigste jaar van die heerskappy van die regters geëindig.

## HOOFSTUK 2

*Helaman, die seun van Helaman, word hoofregter—Gadianton lei die bende van Kiskumen—Helaman se dienskneg dood Kiskumen en die Gadianton-bende vlug die wildernis binne. Ongeveer 50–49 v.C.*

En dit het gebeur in die twee en veertigste jaar van die heerskappy van die regters, nadat Moroniha weer vrede gevestig het tussen die Nefiete en die Lamaniete, kyk daar was geeneen om die regterstoel te beklee nie; daarom het daar weer ʼn twis begin onder die mense aangaande wie die regterstoel moes beklee.

2 En dit het gebeur dat Helaman, wat die seun was van Helaman, aangestel is om die regterstoel te beklee, deur die stem van die volk.

3 Maar kyk, [a]Kiskumen, wat Pahoran vermoor het, het ʼn strik gestel om Helaman ook te vernietig; en hy is deur sy bende gesteun, wat ʼn verbond gesluit het dat niemand van sy boosheid moes weet nie.

30*a* Hel. 1:15.

**2** 3*a* Hel. 1:9.

4 Want daar was ene [a]Gadianton, wat uitermate bedrewe was in baie woorde, en ook in sy lis, om die geheime werk van moord en van roof voort te sit; daarom het hy die leier geword van die bende van Kiskumen.

5 Daarom het hy hulle gevlei, en ook Kiskumen, sodat as hulle hom sou plaas op die regterstoel, hy aan diegene wat aan sy bende behoort het sou gun dat hulle geplaas moes word in mag en gesag onder die volk; daarom het Kiskumen gesoek om Helaman te vernietig.

6 En dit het gebeur dat terwyl hy uitgegaan het na die regterstoel om Helaman te vernietig, kyk een van die diensknegte van Helaman, wat gedurende die nag uit was, en wat deur hom te vermom, 'n kennis verkry het van daardie planne wat deur hierdie bende gesmee is om Helaman te vernietig—

7 En dit het gebeur dat hy Kiskumen teëgekom het, en hy het aan hom 'n teken gegee; daarom het Kiskumen die doel van sy begeerte aan hom bekend gemaak, en hy het begeer dat hy hom moes lei na die regterstoel sodat hy Helaman mag vermoor.

8 En toe die dienskneg van Helaman die hele hart van Kiskumen geken het, en hoedat dit sy bedoeling was om te moor, en ook dat dit die bedoeling was van al diegene wat aan sy bende behoort het, om te moor, en te roof, en om mag te verkry (en dit was hul [a]geheime plan, en hulle komplot), het die dienskneg van Helaman aan Kiskumen gesê: Laat ons uitgaan na die regterstoel.

9 Nou dit het Kiskumen uitermate verbly, want hy het veronderstel dat hy sy bedoeling sou uitvoer; maar kyk, die dienskneg van Helaman, terwyl hulle uitgegaan het na die regterstoel, het Kiskumen gesteek en wel in die hart, dat hy dood neergeval het sonder 'n geluid. En hy het gehardloop en Helaman al die dinge vertel wat hy gesien, en gehoor, en gedoen het.

10 En dit het gebeur dat Helaman mense uitgestuur het om hierdie bende van rowers, en geheime moordenaars te vang, sodat hulle tereggestel mag word volgens die wet.

11 Maar kyk, toe Gadianton uitvind dat Kiskumen nie teruggekom het nie, het hy gevrees dat hy vernietig sou word; daarom het hy sy bende hom laat volg. En hulle het hul vlug uit die land geneem, langs 'n geheime weg, die wildernis in; en dus toe Helaman uitgestuur het om hulle gevange te neem, kon hulle nêrens gevind word nie.

12 En meer aangaande hierdie Gadianton sal hierna gesê word. En so het die twee en veertigste jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi geëindig.

---

4*a* GS Gadianton-rowers.
8*a* 2 Ne. 10:15. GS Geheime Organisasies.

13 En kyk, aan die einde van hierdie boek sal julle sien dat hierdie [a]Gadianton die oorsaak was van die omverwerping, ja, byna die algehele vernietiging van die volk van Nefi.

14 Kyk, ek bedoel nie die einde van die boek van Helaman nie, maar ek bedoel die einde van die boek van Nefi, waaruit ek die hele kroniek geneem het wat ek geskryf het.

## HOOFSTUK 3

*Baie Nefiete verhuis na die land noordwaarts—Hulle bou huise van sement en hou baie kronieke by—Tienduisende word bekeer en gedoop—Die woord van God lei mense na heil—Nefi, die seun van Helaman, beklee die regterstoel. Ongeveer 49–39 v.C.*

En nou het dit gebeur in die drie en veertigste jaar van die heerskappy van die regters, was daar geen twis onder die volk van Nefi nie, behalwe vir ŉ bietjie hoogmoed wat in die kerk was, wat ŉ paar geringe twiste onder die volk laat plaasvind het, welke sake opgelos was teen die einde van die drie en veertigste jaar.

2 En daar was geen twis onder die volk in die vier en veertigste jaar nie; nóg was daar veel twis in die vyf en veertigste jaar.

3 En dit het gebeur in die ses en veertigste jaar, ja, daar was baie twis en baie onenighede; as gevolg waarvan daar ŉ uitermate groot menigte was wat uit die land Zarahemla vertrek het, en uitgegaan het na die land [a]noordwaarts om die land te beërwe.

4 En hulle het ŉ uitermate groot afstand gereis, in soverre dat hulle by [a]groot massas water gekom het en baie riviere.

5 Ja, en hulle het selfs versprei na alle dele van die land, na welke dele wat nie verlate en sonder bosse gelaat is nie, vanweë die baie inwoners wat voorheen die land beërwe het.

6 En nou was geen deel van die land verlate nie, behalwe vir die bosse; maar vanweë die grootheid van die [a]vernietiging van die volk wat voorheen die land bewoon het, is dit [b]verlate genoem.

7 En omdat daar maar min bosse op die aangesig van die land was, daarom het die mense wat uitgegaan het, uitermate vaardig geword in die bewerking van sement; daarom het hulle huise gebou van sement, waarin hulle gewoon het.

8 En dit het gebeur dat hulle vermenigvuldig en versprei het, en uitgegaan het van die land suidwaarts na die land noordwaarts, en versprei het in soverre dat hulle begin het om die aangesig van die hele aarde te bedek, van die see suid tot die see noord, van die [a]see wes tot die see oos.

---

13*a* Hel. 6:18; 4 Ne. 1:42.
**3** 3*a* Alma 63:4.
4*a* Mosia 8:8; Morm. 6:4.
6*a* Mosia 21:25–27.
*b* Alma 22:31.
8*a* Alma 22:27, 32.

9 En die mense wat in die land
noordwaarts was, het in tente
gewoon, en in huise van sement,
en hulle het toegelaat dat watter
boom ook sou opkom op die aan-
gesig van die land, dat dit moes
opgroei, sodat hulle mettertyd
hout mag hê om hulle huise te
bou, ja, hulle stede, en hulle tem-
pels, en hulle sinagoges, en hulle
heiligdomme, en allerlei soorte
geboue.
10 En dit het gebeur dat, aange-
sien hout uitermate skaars was in
die land noordwaarts, het hulle
baie uitgestuur deur middel van
[a]skeepvaart.
11 En so het hulle die mense in
staat gestel in die land noord-
waarts dat hulle baie stede mag
bou, beide van hout en van
sement.
12 En dit het gebeur dat daar
baie van die [a]volk van Ammon
was, wat Lamaniete van geboorte
was, wat ook uitgegaan het in
hierdie land.
13 En nou is daar baie kronieke
bygehou van die handelinge van
hierdie volk, deur baie van die
volk, wat noukeurig is en baie uit-
gebreid, aangaande hulle.
14 Maar kyk, 'n honderdste ge-
deelte van die handelinge van
hierdie volk, ja, die kroniek van die
Lamaniete en van die Nefiete, en
hulle oorloë, en twiste, en onenig-
hede, en hulle prediking, en hulle
profesieë, en hulle skeepvaart en
hulle bou van skepe, en hulle bou
van [a]tempels, en van sinagoges en
hulle heiligdomme, en hulle reg-
verdigheid, en hulle boosheid, en
hulle moorde, en hulle rowery, en
hulle geplunder, en alle wyses van
gruwels en hoererye, kan nie bevat
word in hierdie boek nie.
15 Maar kyk, daar is baie boeke
en baie kronieke van elke soort,
en hulle is hoofsaaklik bygehou
deur die Nefiete.
16 En hulle is [a]oorgelewer van
een geslag na die ander deur die
Nefiete, en wel totdat hulle verval
het in oortreding en vermoor, ge-
plunder, en gejag is, en voortge-
drywe is, en gedood, en versprei
is oor die aangesig van die aarde,
en vermeng is met die Lamaniete,
totdat hulle [b]nie langer Nefiete
genoem is nie, omdat hulle boos
geword het, en wild, en wreed,
ja, en wel totdat hulle Lamaniete
geword het.
17 En nou keer ek weer terug na
my kroniek; daarom, wat ek ge-
spreek het, het plaasgevind nadat
daar groot twiste, en oproerig-
hede, en oorloë, en onenighede
onder die volk van Nefi was.
18 Die ses en veertigste jaar van
die heerskappy van die regters
het geëindig;
19 En dit het gebeur dat daar
steeds groot twis was in die land,
ja, selfs in die sewe en veertigste
jaar, en ook in die agt en veertig-
ste jaar.

10*a* Alma 63:5–8.
12*a* Alma 27:21–26.
14*a* 2 Ne. 5:16;
Jakob 1:17;
3 Ne. 11:1.
16*a* 1 Ne. 5:16–19;
Alma 37:4.
*b* Alma 45:12–14.

20 Nogtans, Helaman het die regterstoel beklee met geregtigheid en billikheid; ja, hy het gepoog om die insettinge en die verordeninge en die gebooie van God te onderhou; en hy het dit gedoen wat reg was in die oë van God, voortdurend; en hy het in die weë gewandel van sy vader, in soverre dat hy voorspoedig was in die land.

21 En dit het gebeur dat hy twee seuns gehad het. Hy het aan die oudste die naam van [a]Nefi gegee, en aan die jongste, die naam van [b]Lehi. En hulle het begin om groot te word tot die Here.

22 En dit het gebeur dat die oorloë en twiste begin het om op te hou, in ′n geringe mate, onder die volk van die Nefiete, teen die einde van die agt en veertigste jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi.

23 En dit het gebeur in die nege en veertigste jaar van die heerskappy van die regters, is daar voortdurende vrede gevestig in die land, behalwe die geheime organisasies wat [a]Gadianton die rower gestig het in die meer gevestigde dele van die land, wat in daardie tyd nie bekend was aan diegene wat aan die hoof was van die regering nie; daarom is hulle nie uit die land vernietig nie.

24 En dit het gebeur dat in hierdie selfde jaar was daar uitermate groot voorspoed in die kerk, in soverre dat daar duisende was wat hulleself by die kerk aangesluit het en gedoop is tot bekering.

25 En so groot was die voorspoed van die kerk, en so baie die seëninge wat uitgestort is oor die volk, dat selfs die hoëpriesters en die leraars hulleself uitermate verbaas het.

26 En dit het gebeur dat die werk van die Here vooruitgegaan het tot die doop en vereniging tot die kerk van God, baie siele, ja, en wel tienduisende.

27 Dus kan ons sien dat die Here barmhartig is teenoor almal wat, in die opregtheid van hulle harte, sy heilige Naam aanroep.

28 Ja, so sien ons dat die [a]poort van die hemel oop is vir [b]almal, en wel vir diegene wat sal glo in die Naam van Jesus Christus, wat die Seun van God is.

29 Ja, ons sien dat wie ook al wil, die [a]woord van God mag aangryp wat [b]lewend en kragtig is, wat al die sluheid en die strikke en liste van die duiwel uitmekaar sal breek, en die man van Christus op ′n eng en [c]smal pad sal lei oor daardie ewigdurende [d]kloof van ellende wat berei is om die goddelose te verswelg—

30 En hulle siele bring, ja, hulle onsterflike siele, tot die [a]regterhand van God in die koninkryk

21*a* GS Nefi, Seun van Helaman.
*b* GS Lehi, Nefitiese Sendeling.
23*a* Hel. 2:4.
28*a* 2 Ne. 31:9, 17.
*b* Hand. 10:28; Rom. 2:10–11.
29*a* GS Woord van God.
*b* Hebr. 4:12; L&V 11:2.
*c* 2 Ne. 9:41; 33:9.
*d* 1 Ne. 15:28–30.
30*a* Matt. 25:33–34.

van die hemel, om te gaan sit met Abraham, en Isak, en met Jakob, en met al ons heilige vaders, om nie meer uit te gaan nie.

31 En in hierdie jaar was daar voortdurende gejubel in die land Zarahemla, en in al die streke rondom, en wel in die hele land wat deur die Nefiete besit is.

32 En dit het gebeur dat daar vrede was en uitermate groot vreugde vir die res van die nege en veertigste jaar; ja, ook was daar voortdurende vrede en groot vreugde in die vyftigste jaar van die heerskappy van die regters.

33 En in die een en vyftigste jaar van die heerskappy van die regters was daar ook vrede, behalwe vir die hoogmoed wat begin het om die kerk binne te kom—nie in die kerk van God nie, maar in die harte van die mense wat voorgegee het om aan die kerk van God te behoort.

34 En hulle is opgehef in [a]hoogmoed, en wel tot die vervolging van baie van hulle broers. Nou, dit was 'n groot boosheid, wat die meer nederige deel van die volk baie groot vervolgings laat ly het, en om te worstel deur baie verdrukking.

35 Nogtans het hulle dikwels [a]gevas en [b]gebid, en het sterker en sterker geword in hul [c]nederigheid, en vaster en vaster in die geloof in Christus, tot die vervulling van hul siele met vreugde en vertroosting, ja, en wel tot die [d]reiniging en [e]heiligmaking van hulle harte, welke heiligmaking kom omdat hulle hul harte [f]oorgegee het aan God.

36 En dit het gebeur dat die twee en vyftigste jaar ook in vrede geëindig het, behalwe vir die uitermate groot hoogmoed wat ingekom het in die harte van die mense; en dit was vanweë hulle uitermate groot [a]rykdom en hul voorspoed in die land; en dit het oor hulle toegeneem van dag tot dag.

37 En dit het gebeur in die drie en vyftigste jaar van die heerskappy van die regters, het Helaman gesterf, en sy oudste seun Nefi het begin heers in sy plek. En dit het gebeur dat hy die regterstoel beklee het met geregtigheid en billikheid; ja, hy het die gebooie van God onderhou, en het in die weë van sy vader gewandel.

## HOOFSTUK 4

*Nefitiese afvalliges en die Lamaniete span hul magte saam en verower die land Zarahemla—Die Nefitiese nederlae kom as gevolg van hul boosheid—Die Kerk kwyn, en die volk word swak soos die Lamaniete. Ongeveer 38–30 v.C.*

En dit het gebeur in die vier en

34*a* GS Hoogmoed.
35*a* GS Vas.
*b* GS Gebed.
*c* GS Nederig, Nederigheid.
*d* GS Suiwer, Suiwerheid.
*e* GS Heiligmaking.
*f* 2 Kron. 30:8; Mosia 3:19.
36*a* GS Rykdom.

vyftigste jaar was daar baie onenighede in die kerk, en daar was ook 'n [a]twis onder die volk, in soverre dat daar veel bloedvergieting was.

2 En die rebelse deel is gedood en uit die land gedryf, en hulle het na die koning van die Lamaniete gegaan.

3 En dit het gebeur dat hulle gepoog het om die Lamaniete op te stook tot oorlog teen die Nefiete; maar kyk, die Lamaniete was uitermate bevrees, in soverre dat hulle nie wou ag slaan op die woorde van daardie afvalliges nie.

4 Maar dit het gebeur in die ses en vyftigste jaar van die heerskappy van die regters, was daar [a]afvalliges wat oorgegaan het van die Nefiete na die Lamaniete; en hulle het met daardie ander geslaag om hulle op te stook tot toorn teen die Nefiete; en hulle het almal daardie jaar voorberei vir oorlog.

5 En in die sewe en vyftigste jaar het hulle afgekom teen die Nefiete in die stryd, en hulle het die werk van die dood begin; ja, in soverre dat in die agt en vyftigste jaar van die heerskappy van die regters het hulle geslaag om besit te verkry van die land Zarahemla; ja, en ook al die lande, tot by die land wat naby die land Oorvloed was.

6 En die Nefiete en die leërs van Moroniha is gedryf tot in die land Oorvloed;

7 En daar het hulle hul versterk teen die Lamaniete, vanaf die weste see, tot by die ooste; wat 'n dagreis was vir 'n Nefiet, op die lyn wat hulle versterk het en hulle leërs opgestel het om hul noordelike land te verdedig.

8 En so het daardie afvalliges onder die Nefiete, met die hulp van 'n talryke leër van die Lamaniete, besit gekry van al die besittings van die Nefiete wat in die land suidwaarts was. En dit alles is gedoen in die agt en vyftigste jaar en nege en vyftigste jaar van die heerskappy van die regters.

9 En dit het gebeur in die sestigste jaar van die heerskappy van die regters, het Moroniha geslaag met sy leërs om baie dele te verkry van die land; ja, hulle het baie stede herower wat in die hande van die Lamaniete geval het.

10 En dit het gebeur in die een en sestigste jaar van die heerskappy van die regters het hulle daarin geslaag om tot die helfte van al hulle besittings te herower.

11 Nou, hierdie groot verlies van die Nefiete, en die groot slagting wat onder hulle was, sou nie gebeur het as dit nie was vir hulle boosheid en hul gruwels wat onder hulle was nie; ja, en dit was ook onder diegene wat voorgegee het om aan die kerk van God te behoort.

12 En dit was vanweë die [a]hoogmoed van hulle harte, vanweë hulle uitermate [b]rykdomme, ja,

**4** 1*a* 3 Ne. 11:29.
4*a* Hel. 5:17.
12*a* Obad. 1:3–4; L&V 101:42.
*b* 1 Tim. 6:17; 2 Ne. 9:42.

dit was vanweë hul verdrukking van die [c]armes, die weerhouding van hulle voedsel van die hongeriges, die weerhouding van hulle kleding van die naaktes, en omdat hulle hul nederige broers op die wang geslaan het, en 'n bespotting gemaak het van dit wat heilig was, omdat hulle die gees van profesie en openbaring geloën het, omdat hulle gemoor, geplunder, gelieg, gesteel, egbreuk gepleeg het, omdat hulle opgekom het in groot twiste, en weggedros het na die land Nefi, onder die Lamaniete—

13 En vanweë hierdie, hulle groot boosheid, en hulle [a]grootpratery oor hul eie krag, is hulle aan hul eie krag oorgelaat; daarom was hulle nie voorspoedig nie, maar is verdruk en geslaan, en uitgedrywe voor die Lamaniete, totdat hulle besit verloor het van byna al hul lande.

14 Maar kyk, Moroniha het baie dinge tot die volk gepreek vanweë hul ongeregtigheid, en ook [a]Nefi en Lehi, wat die seuns was van Helaman, het baie dinge tot die volk gepreek, ja, en het baie dinge tot hulle geprofeteer aangaande hulle ongeregtighede, en wat oor hulle sou kom as hulle nie bekeer van hul sondes nie.

15 En dit het gebeur dat hulle bekeer het, en in soverre as wat hulle bekeer het, het hulle begin om voorspoedig te wees.

16 Want toe Moroniha sien dat hulle bekeer het, het hy gewaag om hulle van plek na plek uit te lei, en van stad na stad, totdat hulle die een helfte van hul besittings en die een helfte van al hul lande herwin het.

17 En so het die een en sestigste jaar van die heerskappy van die regters geëindig.

18 En dit het gebeur in die twee en sestigste jaar van die heerskappy van die regters dat Moroniha geen besittings meer kon terugwin van die Lamaniete nie.

19 Daarom het hulle hul bedoeling laat vaar om die res van hul lande terug te win, want so talryk was die Lamaniete dat dit onmoontlik geword het vir die Nefiete om meer mag te verkry oor hulle; daarom het Moroniha al sy leërs gebruik om daardie dele wat hy ingeneem het te behou.

20 En dit het gebeur, vanweë die grootheid van die getalle van die Lamaniete, was die Nefiete in groot vrees dat hulle oorweldig en vertrap en gedood en vernietig sou word.

21 Ja, hulle het begin om die profesieë van Alma te onthou, en ook die woorde van Mosia; en hulle het gesien dat hulle 'n hardnekkige volk was, en dat hulle die gebooie van God as niks geag het nie;

22 En dat hulle die [a]wette van Mosia verander en vertrap het onder hul voete, of dit wat die Here

12*c* L&V 42:30–31.
13*a* GS Hoogmoed.
14*a* Hel. 3:21.
22*a* Alma 1:1.

hom beveel het om aan die volk te gee; en hulle het gesien dat hul wette ontaard het, en dat hulle 'n goddelose volk geword het, in soverre dat hulle boos was net soos die Lamaniete.

23 En vanweë hul ongeregtigheid het die kerk begin om te [a]kwyn; en hulle het begin om nie te glo in die gees van profesie en in die gees van openbaring nie; en die oordele van God het hulle in die gesig gestaar.

24 En hulle het gesien dat hulle [a]swak geword het, net soos hul broers, die Lamaniete, en dat die [b]Gees van die Here hulle nie langer bewaar het nie; ja, dit het onttrek van hulle, omdat die Gees van die Here nie woon in [c]onheilige tempels nie—

25 Daarom het die Here opgehou om hulle te bewaar deur sy wonderbaarlike en ongeëwenaarde krag, want hulle het verval in 'n toestand van [a]ongeloof en verskriklike boosheid; en hulle het gesien dat die Lamaniete uitermate talryker was as hulle, en tensy hulle sou [b]vaskleef aan die Here hulle God, moet hulle onvermydelik vergaan.

26 Want kyk, hulle het gesien dat die krag van die Lamaniete net so groot was soos hulle krag, en wel man vir man. En so het hulle in hierdie groot oortreding verval; ja, so het hulle swak geword, vanweë hul oortreding oor 'n tydperk van [a]nie baie jare nie.

## HOOFSTUK 5

*Nefi en Lehi wy hulleself aan prediking—Hul name lei hulle om hul lewens te rig volgens dié van hul voorouers—Christus verlos diegene wat bekeer—Nefi en Lehi maak baie bekeerlinge en word in die gevangenis gewerp en vuur omring hulle—'n Wolk van duisternis oorskadu driehonderd mense—Die aarde skud, en 'n stem beveel die mense om te bekeer—Nefi en Lehi spreek met engele en die menigte word omring deur vuur. Ongeveer 30 v.C.*

En dit het gebeur dat in hierdie selfde jaar, kyk, [a]Nefi het die regterstoel oorgegee aan 'n man wie se naam Cezoram was.

2 Want omdat hul wette en hul regerings gevestig is deur die [a]stem van die volk, en hulle wat boosheid [b]gekies het talryker was as hulle wat die goeie gekies het, daarom het hulle ryp geword vir vernietiging, want die wette het ontaard.

3 Ja, en dit was nie al nie; hulle was 'n hardnekkige volk, in soverre dat hulle nie regeer kon word deur die wet of geregtigheid nie, behalwe tot hul vernietiging.

4 En dit het gebeur dat Nefi moeg geword het vanweë hul on-

23*a* GS Afval.
24*a* Mosia 1:13.
*b* GS Heilige Gees.
*c* Mosia 2:37; Alma 7:21; 34:36.
25*a* GS Ongeloof.
*b* Jakob 6:5.
26*a* Alma 46:8; Hel. 12:3–4.
**5** 1*a* Hel. 3:37.
2*a* Mosia 29:25–27.
*b* Alma 10:19.

geregtigheid; en hy het die regterstoel [a]oorgegee, en het dit op hom geneem om die woord van God te preek die res van sy dae, en sy broer Lehi ook, al die res van sy dae;

5 Want hulle het die woorde onthou wat hul vader Helaman met hulle gespreek het. En hierdie is die woorde wat hy gespreek het:

6 Kyk, my seuns, ek begeer dat julle moet onthou om die gebooie van God te onderhou; en ek wil hê dat julle aan die volk hierdie woorde sal verkondig. Kyk, ek het aan julle die name gegee van ons eerste [a]ouers wat uitgekom het uit die land Jerusalem; en dit het ek gedoen sodat wanneer julle jul name onthou, julle hulle mag onthou; en wanneer julle hulle onthou, julle hul werke mag onthou; en wanneer julle hul werke onthou, julle mag weet dat dit gesê, en ook geskrywe is, dat hulle [b]goed was.

7 Daarom, my seuns, wil ek hê dat julle dit moet doen wat goed is, sodat dit van julle gesê mag word, en ook geskrywe word, net soos dit gesê en ook van hulle geskrywe is.

8 En nou, my seuns, kyk, ek het ietwat meer om van julle te begeer, welke begeerte is dat julle nie hierdie dinge mag doen sodat julle mag roem nie, maar dat julle hierdie dinge mag doen om vir julleself 'n [a]skat weg te lê in die hemel, ja, wat ewig is, en wat nie verwelk nie; ja, sodat julle daardie [b]kosbare gawe mag hê van die ewige lewe, wat ons rede het om te veronderstel dat dit aan ons vaders gegee is.

9 O onthou, onthou, my seuns, die [a]woorde wat koning Benjamin met sy volk gespreek het; ja, onthou dat daar geen ander weg of wyse is waardeur die mens gered kan word nie, behalwe deur die [b]versoenende bloed van Jesus Christus, wat sal kom; ja, onthou dat Hy kom om die [c]wêreld te [d]verlos.

10 En onthou ook die [a]woorde wat Amulek met Zeesrom gespreek het, in die stad Ammoniha; want hy het aan hom gesê dat die Here sekerlik sal kom om sy volk te verlos, maar dat Hy nie sou kom om hulle te verlos in hul sondes nie, maar om hulle te verlos van hulle sondes.

11 En aan Hom is krag gegee van die Vader om hulle te verlos van hulle sondes vanweë bekering; daarom het Hy sy engele [a]gestuur om die tydings van die voorwaardes van bekering te verkondig, wat mense tot die krag van die Verlosser, tot die heil van hulle siele bring.

12 En nou, my seuns, onthou,

4*a* Alma 4:15–20.
6*a* 1 Ne. 1:1, 5.
*b* 2 Ne. 33.
8*a* 3 Ne. 13:19–21.
*b* L&V 14:7.
9*a* Mosia 2:9.
*b* Mosia 3:17–18.
GS Versoen, Versoening.
*c* GS Wêreld—Mense wat nie die gebooie gehoorsaam nie.
*d* GS Verlos, Verlossing.
10*a* Alma 11:34.
11*a* Alma 13:24–25.

onthou dat dit op die [a]rots van ons Verlosser is, wat Christus is, die Seun van God, dat julle jul [b]fondament moet bou; sodat wanneer die duiwel sy magtige winde sal uitstuur, ja, sy pyle in die warrelwind, ja, wanneer al sy hael en sy magtige [c]storm op julle sal neerslaan, sal dit geen mag oor julle hê om julle af te trek na die kloof van smart en eindelose wee nie, vanweë die rots waarop julle gebou is, wat 'n sekere fondament is, 'n fondament waarop, as mense daarop bou, hulle nie kan val nie.

13 En dit het gebeur dat hierdie die woorde was wat Helaman aan sy seuns [a]geleer het; ja, hy het hulle baie dinge geleer wat nie geskrywe is nie, en ook baie dinge wat geskrywe is.

14 En hulle het sy woorde onthou; en daarom het hulle uitgegaan, en het die gebooie van God onderhou, om die woord van God te onderrig onder die hele volk van Nefi, beginnende by die stad Oorvloed;

15 En van toe af na die stad Gid; en van die stad Gid na die stad Mulek;

16 En wel van een stad na 'n ander, totdat hulle uitgegaan het onder al die volk van Nefi wat in die land suidwaarts was; en van daar in die land Zarahemla in, onder die Lamaniete.

17 En dit het gebeur dat hulle gepreek het met groot mag, in soverre dat hulle baie van daardie [a]afvalliges beskaam het wat oorgegaan het van die Nefiete, in soverre dat hulle voortgekom en hulle sondes bely het en gedoop is tot bekering, en onmiddellik teruggekeer het na die Nefiete om te poog om aan hulle die kwaad wat hulle gedoen het te vergoed.

18 En dit het gebeur dat Nefi en Lehi tot die Lamaniete met sulke groot krag en gesag gepreek het, want krag en gesag is aan hulle gegee sodat hulle mag [a]spreek, en dit is ook aan hulle gegee wat hulle moes spreek—

19 Daarom het hulle tot die groot verbasing van die Lamaniete gespreek om hulle te [a]oortuig, in soverre dat daar agt duisend van die Lamaniete wat in die land Zarahemla en omstreke was wat gedoop is tot bekering, en oortuig was van die boosheid van die oorleweringe van hul vaders.

20 En dit het gebeur dat Nefi en Lehi daarvandaan vertrek het om na die land Nefi te gaan.

21 En dit het gebeur dat hulle deur 'n leër van die Lamaniete geneem is en in die [a]gevangenis gewerp is; ja, en wel in daardie selfde gevangenis waarin Ammon en sy broers gewerp is deur die diensknegte van Limhi.

22 En nadat hulle baie dae lank

12*a* Matt. 7:24–27; L&V 6:34; Moses 7:53. GS Hoeksteen; Rots.
*b* Jes. 28:16; Jakob 4:16.
*c* 3 Ne. 14:25, 27.
13*a* Mosia 1:4.
17*a* Hel. 4:4.
18*a* L&V 100:5–8. GS Profesie, Profeteer.
19*a* GS Bekeer, Bekering; Sendingwerk.
21*a* Mosia 7:6–7; 21:23.

in die gevangenis gewerp is son-
der voedsel, kyk, het hulle in die
gevangenis ingegaan om hulle te
neem sodat hulle hul mag dood.
23 En dit het gebeur dat Nefi en
Lehi omring was soos met [a]vuur,
en wel tot so ′n mate dat hulle
nie gedurf het om hulle hande op
hulle te lê nie, uit vrees dat hulle
verbrand sou word. Nogtans,
Nefi en Lehi is nie verbrand nie;
en hulle was asof hulle gestaan
het in die midde van die vuur en
is nie verbrand nie.
24 En toe hulle sien dat hulle
omring is deur ′n [a]kolom van
vuur, en dat dit hulle nie brand
nie, het hulle harte moed geskep.
25 Want hulle het gesien dat
die Lamaniete nie gedurf het om
hulle hande op hulle te lê nie; nóg
het hulle gedurf om naby hulle te
kom, maar het gestaan asof hulle
stomgeslaan is van verbasing.
26 En dit het gebeur dat Nefi en
Lehi na vore getree en begin het
om met hulle te spreek, en gesê
het: Vrees nie, want kyk, dit is
God wat aan julle hierdie won-
derlike ding getoon het, waar-
deur aan julle getoon word dat
julle nie julle hande op ons kan
lê om ons te dood nie.
27 En kyk, toe hulle hierdie
woorde gesê het, het die aarde ui-
termate geskud, en die mure van
die gevangenis het geskud asof
hulle op die punt was om in te
tuimel na die aarde toe, maar kyk,
hulle het nie geval nie. En kyk,
hulle wat in die gevangenis was,
was Lamaniete en Nefiete wat af-
valliges was.
28 En dit het gebeur dat hulle
oorskadu was deur ′n wolk van
[a]duisternis, en ′n vreeslike doodse
angs het oor hulle gekom.
29 En dit het gebeur dat daar
′n [a]stem gekom het, asof dit bó
die wolk van duisternis was, wat
gesê het: Bekeer julle, bekeer julle,
en soek nie meer om my diens-
knegte te vernietig wat Ek na julle
gestuur het om goeie tydings te
verkondig nie.
30 En dit het gebeur toe hulle
hierdie stem gehoor het, en ge-
waar het dat dit nie ′n stem van
donder was nie, nóg was dit ′n
stem van ′n oproerige geraas,
maar, kyk, dit was ′n [a]stil stem
van volmaakte teerheid, asof
dit ′n fluistering was, en dit het
deurgedring tot die diepte van
die siel—
31 En nieteenstaande die teer-
heid van die stem, kyk, die aarde
het uitermate geskud, en die mure
van die gevangenis het weer ge-
bewe, asof dit na die aarde toe
wou tuimel; en kyk, die wolk van
duisternis wat hulle oorskadu
het, het nie verdwyn nie—
32 En kyk, die stem het weer ge-
kom, en gesê: Bekeer julle, bekeer
julle, want die koninkryk van
die hemel is op hande; en soek
nie meer om my diensknegte te

23*a* Ex. 3:2.
24*a* Ex. 14:24;
1 Ne. 1:6;
L&V 29:12;
JS—G 1:16.
28*a* Ex. 14:20.
29*a* 3 Ne. 11:3–14.
30*a* 1 Kon. 19:12;
L&V 85:6.

vernietig nie. En dit het gebeur
dat die aarde weer geskud het,
en die mure het gebewe.
33 En ook weer die derde keer
het die stem gekom, en het won-
derbaarlike woorde met hulle ge-
spreek wat nie geuiter kan word
deur die mens nie; en die mure
het weer gebewe, en die aarde
het geskud asof dit op die punt
gestaan het om uitmekaar te
breek.
34 En dit het gebeur dat die La-
maniete nie kon vlug vanweë die
wolk van duisternis wat hulle
oorskadu het nie; ja, en hulle
was ook onbeweeglik vanweë die
vrees wat oor hulle gekom het.
35 Nou was daar een onder
hulle wat ′n Nefiet van geboorte
was, wat eens behoort het aan die
kerk van God, maar wat afvallig
geword het van hulle.
36 En dit het gebeur dat hy
hom omgedraai het, en kyk, hy
het deur die wolk van duisternis
die gesigte van Nefi en Lehi ge-
sien; en kyk, hulle het uitermate
[a]gestraal, net soos die gesigte van
engele. En hy het gesien dat hulle
hul oë opgehef het na die hemel;
en hulle was in die houding asof
hulle gepraat het of hulle stemme
opgehef het na een of ander wese
wat hulle gewaar het.
37 En dit het gebeur dat hierdie
man tot die menigte geroep het,
dat hulle mag omdraai en kyk. En
kyk, daar is mag gegee aan hulle
dat hulle omgedraai en gekyk het;
en hulle het die gesigte van Nefi
en Lehi gesien.
38 En hulle het aan die man
gesê: Kyk, wat beteken al hierdie
dinge, en wie is dit met wie hier-
die manne spreek?
39 Nou, die man se naam was
Ammínadab. En Ammínadab het
aan hulle gesê: Hulle spreek met
die engele van God.
40 En dit het gebeur dat die La-
maniete aan hom gesê het: [a]Wat
sal ons doen, sodat hierdie wolk
van duisternis weggeneem mag
word wat ons oorskadu?
41 En Ammínadab het aan hulle
gesê: Julle moet [a]bekeer, en roep
tot die stem, totdat julle [b]geloof in
Christus sal hê, wat aan julle ver-
kondig is deur Alma, en Amulek,
en Zeesrom; en wanneer julle dit
sal doen, sal die wolk van duis-
ternis weggeneem word wat julle
oorskadu.
42 En dit het gebeur dat hulle
almal begin het om te roep tot
die stem van Hom wat die aarde
geskud het; ja, hulle het geroep,
totdat die wolk van duisternis
weggeneem is.
43 En dit het gebeur dat toe
hulle rondkyk, en sien dat die
wolk van duisternis weggeneem
is wat hulle oorskadu het, kyk,
hulle het gesien dat hulle rondom
[a]omring was, ja, elke siel, deur ′n
kolom van vuur.
44 En Nefi en Lehi was in die
middel van hulle; ja, hulle was
rondom omring; ja, hulle was asof

36*a* Ex. 34:29–35; Hand. 6:15.
40*a* Hand. 2:37–39.
41*a* GS Bekeer, Bekering.
*b* GS Geloof, Glo.
43*a* 3 Ne. 17:24; 19:14.

in die middel van 'n vlammende vuur, tog het dit hulle nie geskaad nie, nóg het dit vatplek gekry aan die mure van die gevangenis; en hulle was vervul met daardie [a]vreugde wat onuitspreeklik en vol heerlikheid is.

45 En kyk, die [a]Heilige Gees van God het neergedaal van die hemel af, en het hulle harte binnegedring, en hulle was vervul asof met vuur, en hulle kon wonderbaarlike woorde [b]spreek.

46 En dit het gebeur dat daar 'n stem tot hulle gekom het, ja, 'n aangename stem, asof dit 'n fluistering was, wat sê:

47 [a]Vrede, vrede vir julle, vanweë julle geloof in my Welbeminde, wat vanaf die grondlegging van die wêreld is.

48 En nou, toe hulle dit hoor, het hulle hul oë opgeslaan asof hulle wou sien vanwaar die stem kom; en kyk, hulle het gesien die [a]hemele open; en engele het uit die hemel afgekom en het hulle gedien.

49 En daar was omtrent driehonderd siele wat hierdie dinge gesien en gehoor het; en hulle is beveel om uit te gaan en nie verwonderd te wees nie, nóg moes hulle twyfel.

50 En dit het gebeur dat hulle uitgegaan en die volk onderrig het, en in al die streke rondomheen al die dinge verkondig het wat hulle gehoor en gesien het, in soverre dat die grootste gedeelte van die Lamaniete oortuig was van hulle, vanweë die grootheid van die getuienisse wat hulle ontvang het.

51 En soveel as wat [a]oortuig was, het hulle wapens van oorlog neergelê, en ook hul haat en die oorlewering van hulle vaders.

52 En dit het gebeur dat hulle die lande van hul besitting aan die Nefiete oorgegee het.

## HOOFSTUK 6

*Die regverdige Lamaniete preek vir die goddelose Nefiete—Beide volke is voorspoedig gedurende 'n tydperk van vrede en oorvloed—Lucifer, die oorsprong van sonde, spoor die harte van die bose en die Gadianton-rowers aan tot moord en boosheid—Die rowers neem die Nefitiese regering oor. Ongeveer 29–23 v.C.*

En dit het gebeur dat toe die twee en sestigste jaar van die heerskappy van die regters geëindig het, het al hierdie dinge gebeur, en die Lamaniete het, die grootste gedeelte van hulle, 'n regverdige volk geword, in soverre dat hul [a]regverdigheid dié oortref het van die Nefiete, vanweë hul standvastigheid en onwankelbaarheid in die geloof.

2 Want kyk, daar was baie van die Nefiete wat [a]verhard en onbekeerlik geword het, en uiters

44*a* GS Vreugde.
45*a* 3 Ne. 9:20; Ether 12:14.
*b* GS Gawes van die Gees.
47*a* GS Vrede.
48*a* 1 Ne. 1:8.
51*a* Alma 31:5.
**6** 1*a* Hel. 13:1.
2*a* Rom. 1:28–32.

boos, in soverre dat hulle die woord van God verwerp het en al die prediking en profeteringe wat onder hulle gekom het.

3 Nogtans, die volk van die kerk het groot vreugde gehad vanweë die bekering van die Lamaniete, ja, vanweë die kerk van God, wat onder hulle gestig was. En hulle het as [a]deelgenote die een met die ander verkeer en hulle het hul verbly, die een met die ander, en het groot vreugde gehad.

4 En dit het gebeur dat baie van die Lamaniete afgekom het in die land Zarahemla, en het aan die volk van die Nefiete die wyse van hul [a]bekering meegedeel, en het hulle vermaan tot geloof en bekering.

5 Ja, en baie het gepreek met uitermate groot krag en gesag, tot die afbring van baie van hulle in die dieptes van ootmoed, om die nederige volgelinge van God en die Lam te wees.

6 En dit het gebeur dat baie van die Lamaniete na die [a]land noordwaarts gegaan het; en ook Nefi en Lehi het na die land noordwaarts gegaan, om te preek vir die mense. En so het die drie en sestigste jaar geëindig.

7 En kyk, daar was vrede in die hele land, in soverre dat die Nefiete na watter deel van die land hulle ook wou, gegaan het, hetsy onder die Nefiete of die Lamaniete.

8 En dit het gebeur dat die Lamaniete ook gegaan het waar ook al hulle wou, hetsy dit onder die Lamaniete of onder die Nefiete was; en so het hulle vrye omgang gehad een met die ander, om te koop en te verkoop, en om wins te maak, volgens hulle begeerte.

9 En dit het gebeur dat hulle uitermate ryk geword het, beide die Lamaniete en die Nefiete; en hulle het ′n uitermate oorvloed gehad van goud, en van silwer, en van allerlei soorte kosbare metale, beide in die land suid en in die land noord.

10 Nou, die land suid is genoem Lehi, en die land noord is genoem [a]Mulek, wat genoem is na die seun van Sedekía; want die Here het Mulek gebring na die land noord, en Lehi na die land suid.

11 En kyk, daar was allerlei soorte goud in beide hierdie lande, en van silwer, en van kosbare erts van elke soort; en daar was ook kundige werkliede, wat allerlei soorte erts bewerk het, en dit geraffineer het; en dus het hulle ryk geword.

12 Hulle het graan gekweek in oorvloed, beide in die noorde en in die suide; en hulle het uitermate floreer, beide in die noorde en in die suide. En hulle het vermenigvuldig en uitermate sterk geword in die land. En hulle het baie kleinvee en grootvee geteel, ja, baie vetgemaakte vee.

13 Kyk, hulle vroue het gearbei en gespin, en het allerlei soorte

3*a* GS Bevriend.
4*a* GS Bekeer, Bekering.
6*a* Alma 63:4–9; Hel. 3:11–12.
10*a* Mosia 25:2–4; Hel. 8:21.

materiaal gemaak, van fyngeweefde linne en materiaal van elke soort, om hulle naaktheid te bedek. En so het die vier en sestigste jaar verbygegaan in vrede.

14 En in die vyf en sestigste jaar het hulle ook groot vreugde en vrede gehad, ja, baie prediking en baie profesieë aangaande dit wat moes kom. En so het die vyf en sestigste jaar verbygegaan.

15 En dit het gebeur dat in die ses en sestigste jaar van die heerskappy van die regters, kyk, is [a]Cezoram vermoor deur 'n onbekende hand terwyl hy op die regterstoel gesit het. En dit het gebeur in dieselfde jaar dat sy seun, wat aangestel is deur die volk in sy plek, ook vermoor is. En so het die ses en sestigste jaar geëindig.

16 En aan die begin van die sewe en sestigste jaar het die volk begin om weer uitermate boos te word.

17 Want kyk, die Here het hulle só lank geseën met die rykdomme van die wêreld dat hulle nie beweeg was tot toorn, tot oorloë, nóg tot bloedvergieting; daarom het hulle begin om hulle harte te rig op hul rykdomme; ja, hulle het begin soek om rykdom te bekom sodat hulle verhef mag wees die een bo die ander; daarom het hulle begin om geheime [a]moorde te pleeg, en om te roof en te plunder, sodat hulle rykdom mag bekom.

18 En nou, kyk, daardie moordenaars en plunderaars was 'n bende wat gevorm is deur Kiskumen en [a]Gadianton. En nou het dit gebeur dat daar baie was, selfs onder die Nefiete, van Gadianton se bende. Maar kyk, hulle was talryker onder die goddeloser gedeelte van die Lamaniete. En hulle is genoem Gadiantonrowers en moordenaars.

19 En dit was hulle wat die hoofregter Cezoram en sy seun vermoor het, terwyl hulle op die regterstoel was; en kyk, hulle is nie gevind nie.

20 En nou het dit gebeur dat toe die Lamaniete vind dat daar rowers onder hulle was, was hulle uitermate bedroef; en hulle het elke middel in hulle mag gebruik om hulle te vernietig vanaf die aangesig van die aarde.

21 Maar kyk, Satan het die harte opgestook van die grootste deel van die Nefiete, in soverre dat hulle verenig het met daardie bendes van rowers, en met hulle verbonde en hulle ede gesluit het, dat hulle mekaar sou beskerm en behoed in welke moeilike omstandighede hulle ook al geplaas sou word, sodat hulle nie sou ly vir hulle moorde, en hulle geplunder, en hulle diefstalle nie.

22 En dit het gebeur dat hulle hul tekens gehad het, ja, hulle [a]geheime tekens en hulle geheime woorde; en dit sodat hulle 'n broer kon onderskei wat die verbond gesluit het, sodat watter boosheid sy broer sou doen, hy

15*a* Hel. 5:1.
17*a* 3 Ne. 9:9.
18*a* Hel. 2:4, 12–13.
22*a* GS Geheime Organisasies.

nie kwaad aangedoen sou word
deur sy broer nie, nóg deur die-
gene wat aan sy bende behoort
het, wat hierdie verbond gesluit
het.
23 En so mag hulle moor, en
plunder, en steel, en hoererye
pleeg, en allerlei booshede, teen-
strydig met die wette van hul
land en ook die wette van hul
God.
24 En wie ook al van diegene
wat behoort het aan hulle bende,
aan die wêreld van hulle [a]boos-
heid en hul gruwels sou onthul,
sou verhoor word, nie volgens die
wette van hulle land nie, maar
volgens die wette van hulle boos-
heid, wat gegee is deur Gadian-
ton en Kiskumen.
25 Nou kyk, dit is hierdie ge-
heime [a]ede en verbonde wat
Alma sy seun beveel het nie die
wêreld moes ingaan nie, uit vrees
dat hulle ʼn middel sou wees om
die volk af te bring tot vernieti-
ging.
26 Nou kyk, daardie [a]geheime
ede en verbonde het nie na Gadi-
anton gekom uit die kronieke wat
aan Helaman oorhandig was nie;
maar kyk, hulle is in die hart van
Gadianton geplaas deur daardie
[b]selfde wese wat ons eerste ou-
ers verlei het om van die verbode
vrug te eet—
27 Ja, daardie selfde wese wat
saamgesweer het met [a]Kain, dat
as hy sy broer Abel sou vermoor,
dit nie bekend sou wees aan die
wêreld nie. En hy het saamge-
sweer met Kain en sy volgelinge
van daardie tyd af vorentoe.
28 En ook, dit is daardie selfde
wese wat dit in die harte van die
volk geplaas het om ʼn toring te
[a]bou hoog genoeg dat hulle by die
hemel mag kom. En dit was daar-
die selfde wese wat die mense
oorgehaal het wat van daardie to-
ring gekom het na hierdie land;
wat die werke versprei het van
die duisternis en gruwels oor die
hele aangesig van die land, tot-
dat hy die volk afgetrek het tot
ʼn [b]algehele vernietiging, en tot
ʼn ewigdurende hel.
29 Ja, dit is daardie selfde wese
wat dit in die hart van [a]Gadian-
ton geplaas het om nog die werk
van die duisternis voort te sit, en
van geheime moord; en hy het dit
voortgebring van die begin van
die mens af tot hierdie tyd.
30 En kyk, dit is hy wat die [a]oor-
sprong van alle sonde is. En kyk,
hy sit sy werke van duisternis en
geheime moord voort, en lewer
hul sameswerings oor, en hul ede,
en hul verbonde, en hul planne
van vreeslike boosheid, van ge-
slag tot geslag, tot so ʼn mate dat
hy ʼn houvas kan kry op die harte
van die kinders van mense.
31 En nou, kyk, hy het ʼn groot
houvas gekry op die harte van die
Nefiete; ja, in soverre dat hulle ui-
termate boos geword het; ja, die

24 *a* GS Boos, Boosheid.
25 *a* Alma 37:27–32.
26 *a* Moses 5:29, 49–52.
*b* 3 Ne. 6:28; Moses 4:6–12.
27 *a* Moses 5:18–33.
28 *a* Gén. 11:1–4; Ether 1:3.
*b* Ether 8:9, 15–25.
29 *a* Hel. 2:4–13.
30 *a* Alma 5:39–42; Moro. 7:12, 17; Moses 4:4.

grootste deel van hulle het weggedraai uit die weg van regverdigheid, en het die gebooie van God onder hulle voete [a]vertrap, en het na hulle eie weë gedraai, en het vir hulleself afgode opgebou van hulle goud en hulle silwer.

32 En dit het gebeur dat al hierdie ongeregtighede oor hulle gekom het binne die tydperk van [a]nie baie jare nie, in soverre dat die grootste deel daarvan oor hulle gekom het in die sewe en sestigste jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi.

33 En hulle het toegeneem in hulle ongeregtighede ook in die agt en sestigste jaar, tot die groot verdriet en weeklag van die regverdiges.

34 En so sien ons dat die Nefiete begin het om te kwyn in ongeloof, en toeneem in boosheid en gruwels, terwyl die Lamaniete uitermate begin toeneem het in die kennis van hulle God; ja, hulle het begin om sy insettinge en sy gebooie te onderhou, en om te wandel in waarheid en opregtheid voor Hom.

35 En so sien ons dat die Gees van die Here begin het om te [a]onttrek van die Nefiete, vanweë die boosheid en die hardheid van hulle harte.

36 En so sien ons dat die Here begin het om sy Gees uit te stort op die Lamaniete, vanweë hulle meegaandheid en gewilligheid om in sy woorde te glo.

37 En dit het gebeur dat die Lamaniete die bende rowers van Gadianton gejag het; en hulle het die woord van God gepreek onder die goddeloser deel van hulle, in soverre dat hierdie bende rowers heeltemal vernietig was onder die Lamaniete.

38 En dit het gebeur aan die ander kant, dat die Nefiete hulle opgebou het en hulle ondersteun het, beginnende by die goddeloser deel van hulle, totdat hulle die hele land van die Nefiete oordek het, en die grootste deel van die regverdiges verlei het, totdat hulle hul verlaag het om te glo in hulle werke en deel te hê aan hulle buit, en aan te sluit by hulle in hulle geheime moorde en komplotte.

39 En so het hulle die alleenbestuur van die regering verkry, in soverre dat hulle onder hul voete vertrap het en geslaan en verskeur het en hulle rûe gekeer het op die [a]armes en die sagmoediges, en die nederige volgelinge van God.

40 En so sien ons dat hulle in 'n verskriklike toestand was, en [a]ryp geword het vir 'n ewigdurende vernietiging.

41 En dit het gebeur dat die agt en sestigste jaar geëindig het van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi.

31*a* 1 Ne. 19:7.
32*a* Alma 46:8.
35*a* Mosia 2:36;
L&V 121:37.
39*a* Ps. 109:16;
Alma 5:54–56;
L&V 56:16.
40*a* Hel. 5:2; 11:37;
L&V 18:6.

Die profesie van Nefi, die Seun van Helaman—God waarsku die volk van Nefi dat Hy hulle sal besoek in sy toorn, tot hulle algehele vernietiging, tensy hulle bekeer van hulle boosheid. God tref die volk van Nefi met pestilensie; hulle bekeer en keer tot Hom. Samuel, 'n Lamaniet, profeteer vir die Nefiete.

*Dit behels hoofstukke 7 tot 16.*

## HOOFSTUK 7

*Nefi word verwerp in die noorde en keer terug na Zarahemla—Hy bid op sy tuintoring en doen dan 'n beroep op die volk om te bekeer of te vergaan. Ongeveer 23–21 v.C.*

Kyk, nou het dit gebeur in die nege en sestigste jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van die Nefiete, dat Nefi, die seun van Helaman, [a]teruggekeer het na die land Zarahemla van die land noordwaarts.
2 Want hy het uitgegaan onder die mense wat in die land noordwaarts was, en het die woord van God aan hulle gepreek, en het baie dinge aan hulle geprofeteer;
3 En hulle het al sy woorde verwerp, in soverre dat hy nie onder hulle kon bly nie, maar het weer teruggekeer na die land van sy geboorte.
4 En toe hy die volk sien in 'n toestand van sulke vreeslike boosheid, en daardie Gadiantonrowers wat die regterstoele beset—wat onregmatig die mag en die gesag oor die land toegeëien het; en die gebooie van God opsy gelê het, en nie in die geringste regverdig was voor Hom nie; en geen geregtigheid gedoen het aan die kinders van mense nie;
5 En die regverdiges veroordeel vanweë hulle regverdigheid; en die skuldiges en die bose ongestraf laat gaan vanweë hulle geld; en verder om hulle ampte te behou aan die hoof van die regering, om te heers en te doen volgens hulle wil, sodat hulle voordeel kan verkry en die eer van die [a]wêreld; en verder, sodat hulle soveel makliker egbreuk mag pleeg, en steel, en doodmaak, en doen volgens hulle eie wil—
6 Nou hierdie groot ongeregtigheid het oor die Nefiete gekom, in 'n tydperk van nie baie jare nie; en toe Nefi dit sien, was sy hart geswel van verdriet in sy bors; en hy het uitgeroep in die angs van sy siel:
7 O, dat ek my dae kon gehad het in die dae toe my vader Nefi eers uit die land Jerusalem gekom het, dat ek kon jubel saam met hom in die beloofde land; toe was sy volk maklik om geleer te word, standvastig om die gebooie van God te onderhou, en stadig om gelei te word om ongeregtigheid te doen; en hulle was gou om ag te slaan op die woorde van die Here—
8 Ja, as my dae in daardie dae kon gewees het, dan sou my siel

**7** 1*a* Hel. 6:6.
5*a* Matt. 13:22; 16:26.

vreugde gehad het in die regver-
digheid van my broers.
9 Maar kyk, ek is toegewys dat
hierdie my dae is, en dat my siel
gevul sal word met verdriet van-
weë hierdie, die boosheid van my
broers.
10 En kyk, nou het dit gebeur
dat dit op ′n toring was, wat in
die tuin van Nefi was, wat langs
die hoofweg was wat gelei het
na die hoofmark, wat in die stad
Zarahemla was; daarom, Nefi het
homself neergebuig op die toring
wat in sy tuin was, welke toring
ook naby die tuinhek was waar-
langs die hoofweg gelei het.
11 En dit het gebeur dat daar se-
kere manne was wat verbygegaan
het en Nefi gesien het terwyl hy
besig was om sy siel uit te stort tot
God bo-op die toring; en hulle het
gehardloop en die mense vertel
wat hulle gesien het, en die mense
het bymekaargekom in skares so-
dat hulle die oorsaak kon weet
van so groot ′n rouklag oor die
boosheid van die volk.
12 En nou, toe Nefi opstaan, het
hy die skare mense gesien wat by-
eengekom het.
13 En dit het gebeur dat hy sy
mond geopen het en aan hulle
gesê het: Kyk, [a]waarom het julle
julself bymekaar gebring? Dat ek
julle mag vertel van julle onge-
regtighede?
14 Ja, omdat ek op my toring
geklim het sodat ek my siel mag
uitstort tot my God, vanweë die
uitermate verdriet van my hart,
wat vanweë julle ongeregtighede
is!
15 En vanweë my rou en wee-
klag het julle julself bymekaar ge-
bring en verwonder julle jul; ja,
en julle het groot rede om julle te
verwonder, ja, julle behoort julle
te verwonder omdat julle toege-
gee het dat die duiwel so ′n groot
houvas op julle harte gekry het.
16 Ja, hoe kon julle toegegee het
aan die verleiding van hom wat
soek om julle siele weg te werp,
af na ewigdurende smart en ein-
delose ellende?
17 O, bekeer julle, bekeer julle!
[a]Hoekom wil julle sterwe? Keer
julle, keer julle tot die Here julle
God. Waarom het Hy julle ver-
laat?
18 Dit is omdat julle jul harte
verhard het; ja, julle wil nie ag
slaan op die stem van die [a]goeie
herder nie; ja, julle het Hom [b]op-
gesweep tot toorn teen julle.
19 En kyk, in stede van om julle
te [a]versamel, tensy julle sal be-
keer, kyk, Hy sal julle verstrooi
hiervandaan sodat julle vleis sal
word vir honde en wilde diere.
20 O, hoe kon julle jul God ver-
geet het in dieselfde dag dat Hy
julle verlos het?
21 Maar kyk, dit is om gewin te
verkry, om geprys te word deur
mense, ja, en sodat julle goud en
silwer mag verkry. En julle het

13*a* Matt. 3:5–8.
17*a* Eség. 18:23, 31–32.
18*a* Eség. 34:12; Joh. 10:14–16; Alma 5:38–41, 57–60. GS Goeie Herder.
*b* Jakob 1:8; Alma 12:36–37.
19*a* 3 Ne. 10:4–7.

jul harte gerig op die rykdom en ydele dinge van hierdie [a]wêreld, waarvoor julle moor, en plunder, en steel, en [b]valse getuienis spreek teen julle naaste, en allerlei ongeregtighede doen.
22 En om hierdie rede sal wee oor julle kom tensy julle sal bekeer. Want as julle nie sal bekeer nie, kyk, hierdie groot stad, en ook al daardie groot stede wat rondom is, wat in die land van ons besitting is, sal weggeneem word dat julle geen plek sal hê in hulle nie; want kyk, die Here sal nie [a]krag aan julle gun nie, soos Hy tot nou toe gedoen het, om te staan teen julle vyande nie.
23 Want kyk, so sê die Here: Ek sal nie aan die goddelose van my krag toon, aan die een meer as aan die ander nie, behalwe aan diegene wat bekeer van hul sondes, en ag slaan op my woorde. Nou daarom, ek wil dat julle moet sien, my broers, dat dit [a]beter sal wees vir die Lamaniete as vir julle tensy julle sal bekeer.
24 Want kyk, hulle is meer regverdig as julle, want hulle het nie gesondig teen daardie groot kennis wat julle ontvang het nie; daarom sal die Here barmhartig wees teenoor hulle; ja, Hy sal hulle dae [a]verleng en hulle saad vermeerder, naamlik wanneer julle heeltemal [b]vernietig sal word, tensy julle sal bekeer.
25 Ja, wee julle vanweë daardie groot gruwel wat onder julle gekom het; en julle het julself daarmee vereenselwig, ja, met daardie [a]geheime bende wat gestig is deur Gadianton!
26 Ja, [a]wee sal kom oor julle vanweë daardie hoogmoed wat julle toegelaat het om in julle harte te kom, wat julle verhef het bo dit wat goed is, vanweë julle uitermate groot [b]rykdom!
27 Ja, wee julle vanweë julle boosheid en gruwels!
28 En tensy julle bekeer, sal julle vergaan; ja, selfs julle lande sal van julle geneem word, en julle sal vernietig word vanaf die aangesig van die aarde.
29 Kyk nou, ek sê nie dat hierdie dinge sal wees uit myself nie, want dit is nie uit myself dat ek hierdie dinge [a]weet nie; maar kyk, ek weet dat hierdie dinge waar is omdat die Here God hulle aan my bekend gemaak het, daarom getuig ek dat hulle sal wees.

## HOOFSTUK 8

*Korrupte regters poog om die mense op te steek teen Nefi—Abraham, Moses, Zenos, Zenok, Esias, Jesaja, Jeremia, Lehi en Nefi het almal getuig van Christus—Deur inspirasie maak Nefi die moord van die hoofregter bekend. Ongeveer 23–21 v.C.*

1 En nou het dit gebeur dat toe Nefi hierdie woorde gespreek het, kyk, was daar manne wat regters was,

21*a* GS Wêreldsheid.
*b* Ex. 20:16; Matt. 15:19–20.
22*a* Mosia 7:29.
23*a* Hel. 15:11–15.
24*a* Alma 9:16; L&V 5:33.
*b* Alma 9:19.
25*a* Hel. 3:23.
26*a* Jes. 5:8–25.
*b* Jakob 2:13.
29*a* Alma 5:45–46.

wat ook behoort het aan die geheime bende van Gadianton, en hulle was vertoornd, en hulle het uitgeroep teen hom, en gesê vir die volk: Waarom gryp julle nie hierdie man en bring hom uit sodat hy veroordeel mag word volgens die misdaad wat hy gepleeg het nie?

2 Hoekom sien julle hierdie man, en hoor hoe hy uitvaar teen hierdie volk en teen ons wet?

3 Want kyk, Nefi het met hulle gespreek aangaande die verdorwenheid van hulle wet; ja, baie dinge het Nefi gespreek wat nie geskryf kan word nie; en niks het hy gespreek wat teenstrydig was met die gebooie van God nie.

4 En daardie regters was vertoornd op hom omdat hy duidelik met hulle [a]gespreek het aangaande hulle geheime werke van duisternis; nogtans, hulle het dit nie gedurf om hul eie hande op hom te lê nie, want hulle het die volk gevrees dat hulle teen hulle sou uitroep.

5 Daarom het hulle geroep tot die volk, en gesê: Hoekom laat julle hierdie man toe om uit te vaar teen ons? Want kyk, hy veroordeel hierdie hele volk, en wel tot vernietiging. Ja, en ook dat hierdie ons groot stede van ons weggeneem sal word, dat ons geen plek sal hê in hulle nie.

6 En nou weet ons dat dit onmoontlik is, want kyk, ons is magtig, en ons stede groot, daarom kan ons vyande geen mag oor ons hê nie.

7 En dit het gebeur dat hulle so die volk opgestook het tot toorn teen Nefi, en twiste onder hulle gewek het; want daar was sommiges wat uitgeroep het: Laat hierdie man staan, want hy is ′n goeie man, en daardie dinge wat hy sê sal sekerlik gebeur tensy ons bekeer;

8 Ja, kyk, al die oordele sal oor ons kom waarvan hy aan ons getuig het; want ons weet dat hy eerlik getuig het aan ons aangaande ons ongeregtighede. En kyk, hulle is baie, en hy [a]weet alle dinge wat met ons sal gebeur net soos hy ons ongeregtighede ken;

9 Ja, en kyk, as hy nie ′n profeet was nie, kon hy nie getuig het aangaande daardie dinge nie.

10 En dit het gebeur dat daardie mense wat gesoek het om Nefi te vernietig, verplig was, vanweë hulle vrees, om nie hul hande op hom te lê nie; daarom het hy weer begin om met hulle te spreek, toe hy sien dat hy guns gevind het in die oë van sommiges, in soverre dat die res van hulle gevrees het.

11 Daarom was hy genoop om meer met hulle te spreek, en het gesê: Kyk, my broers, het julle nie gelees dat God aan een man mag gegee het, naamlik Moses, om op die waters van die [a]Rooi See te slaan, en hulle het hiernatoe en daarnatoe verdeel, in soverre dat die Israeliete, wat ons vaders was,

**8** 4*a* 1 Ne. 16:2–3.
8*a* Hel. 7:29.
11*a* Ex. 14:16; 1 Ne. 17:26; Mosia 7:19; L&V 8:2–3; Moses 1:25.

deurgekom het op droë grond, en die waters het gesluit oor die leërs van die Egiptenare en het hulle opgesluk?
12 En nou kyk, as God aan hierdie man sulke mag gegee het, dan waarom sou julle twis onder mekaar, en sê dat Hy aan my geen mag gegee het waardeur ek mag weet aangaande die oordele wat oor julle sal kom, tensy julle bekeer nie?
13 Maar kyk, julle loën nie alleen my woorde nie, maar julle loën ook al die woorde wat deur ons vaders gespreek is, en ook die woorde wat gespreek is deur hierdie man, Moses, aan wie sulke groot mag gegee is, ja, die woorde wat hy gespreek het aangaande die koms van die Messias.
14 Ja, het hy nie getuienis gelewer dat die Seun van God sou kom nie? En soos hy die koperslang [a]opgehef het in die woestyn, net so sal Hy wat sal kom, opgehef word.
15 En soveel as wat daardie slang sou aanskou, sou [a]lewe, net so, soveel as wat die Seun van God sou aanskou in geloof, omdat hulle 'n verslae gees het, mag [b]lewe, en wel tot daardie lewe wat ewig is.
16 En nou, kyk, Moses het nie alleen getuig van hierdie dinge nie, maar ook [a]al die heilige profete, van sy dae selfs tot die dae van Abraham.
17 Ja, en kyk, [a]Abraham het gesien aangaande sy koms, en is vervul met vreugde en het hom verheug.
18 Ja, en kyk, ek sê vir julle, dat Abraham nie alleen geweet het van hierdie dinge nie, maar daar was [a]baie voor die dae van Abraham wat geroep is volgens die [b]orde van God; ja, naamlik volgens die orde van sy Seun; en dit sodat dit getoon sou word aan die volk, baie duisende jare voor sy koms, dat selfs verlossing sou kom vir hulle.
19 En nou wil ek hê dat julle moet weet, dat selfs vanaf die dae van Abraham daar baie profete was wat getuig het van hierdie dinge; ja, kyk, die profeet [a]Zenos het moedig getuig; waarvoor hy gedood is.
20 En kyk, ook [a]Zenok, en ook Esias, en ook [b]Jesaja, en [c]Jeremia (Jeremia wat daardie selfde profeet was wat getuig het van die vernietiging van [d]Jerusalem), en nou weet ons dat Jerusalem vernietig is volgens die woorde van Jeremia. O dan, hoekom sal die Seun van God nie kom, volgens sy profesie nie?

14*a* Núm. 21:6–9; 2 Ne. 25:20; Alma 33:19–22. GS Jesus Christus—Voorafskaduwings of simbole van Christus.
15*a* 1 Ne. 17:41; Alma 37:45–47; 3 Ne. 15:9.
*b* Joh. 11:25.
16*a* Jakob 4:4–5; 7:11.
17*a* Gén. 22:8–14; Joh. 8:56.
18*a* Alma 13:19; L&V 84:6–16; 136:37.
*b* GS Melgisédekse Priesterskap.
19*a* Alma 34:7.
20*a* 1 Ne. 19:10; 3 Ne. 10:15–16. GS Skrifture—Verlore skrifture.
*b* Jes. 53.
*c* 1 Ne. 5:13; 7:14.
*d* Jer. 26:18; 1 Ne. 1:4.

21 En nou sal julle twyfel dat [a]Je-
rusalem verwoes is? Sal julle sê dat die [b]seuns van Sedekía nie gedood is nie, almal behalwe [c]Mulek? Ja, en sien julle nie dat die saad van Sedekía met ons is nie, en hulle is verdrywe uit die land Jerusalem? Maar kyk, dit is nie al nie—
22 Ons vader Lehi is verdrywe
uit Jerusalem omdat hy getuig het van hierdie dinge. Nefi het ook getuig van hierdie dinge, en ook byna al ons vaders, selfs tot hierdie tyd; ja, hulle het getuig van die koms van [a]Christus en het vooruitgesien, en het gejubel in sy dag wat sal kom.
23 En kyk, Hy is God, en Hy
is met hulle, en Hy het Homself geopenbaar aan hulle, dat hulle verlos is deur Hom; en hulle het Hom verheerlik, vanweë dit wat moes kom.
24 En nou, aangesien julle hier-
die dinge weet, en hulle nie kan ontken nie behalwe as julle sal lieg, daarom, hierin het julle gesondig, want julle het al hierdie dinge verwerp, nieteenstaande so baie bewyse wat julle ontvang het; ja, en julle het wel alle dinge ontvang, beide dinge in die hemel, en [a]alle dinge wat op die aarde is, as ′n getuienis dat hulle waar is.
25 Maar kyk, julle het die waar-
heid verwerp, en [a]gerebelleer teen julle heilige God, en selfs op hierdie tyd, in stede van om vir julleself skatte weg te lê in die [b]hemel, waar niks verniel nie, en waar niks kan kom wat onrein is nie, hoop julle vir julleself toorn op vir die dag van [c]oordeel.
26 Ja, selfs in hierdie tyd word
julle ryp, vanweë julle moorde en julle [a]ontug en boosheid, vir ewigdurende vernietiging; ja, en tensy julle bekeer, sal dit gou na julle kom.
27 Ja, kyk, dit is nou selfs by
julle deure; ja, gaan julle in na die regterstoel, en soek; en kyk, jul regter is vermoor, en hy [a]lê in sy bloed; en hy is vermoor [b]deur sy broer, wat soek om op die regterstoel te sit.
28 En kyk, hulle albei behoort
aan julle geheime bende, wie se [a]aanstigter Gadianton is, en die bose een wat soek om die siele van mense te vernietig.

## HOOFSTUK 9

*Boodskappers vind die hoofregter dood by die regterstoel—Hulle word gevange geneem en later vrygelaat—Deur inspirasie identifiseer Nefi Seantum as die moordenaar—Nefi word aanvaar deur*

21 *a* 2 Ne. 6:8; Omni 1:15.
*b* 2 Kon. 25:7; Jer. 39:6; 52:10.
*c* Eség. 17:22–23; Hel. 6:10.
22 *a* GS Jesus Christus—Profesieë aangaande die geboorte en dood van Jesus Christus.
24 *a* Alma 30:44; Moses 6:63.
25 *a* Mosia 2:36–38; 3:12.
*b* Hel. 5:8; 3 Ne. 13:19–21.
*c* L&V 10:20–23; 121:23–25.
26 *a* GS Ontug.
27 *a* Hel. 9:3, 15.
*b* Hel. 9:6, 26–38.
28 *a* Hel. 6:26–30.

*sommiges as ′n profeet. Ongeveer 23–21 v.C.*

Kyk, nou het dit gebeur dat toe Nefi hierdie woorde gespreek het, het sekere manne wat onder hulle was, gehardloop na die regterstoel; ja, waarlik daar was vyf wat gegaan het, en hulle het onder mekaar gesê, terwyl hulle gaan:
2 Kyk, nou sal ons vir seker weet of hierdie man ′n profeet is en God hom gebied het om sulke wonderbaarlike dinge te profeteer aan ons. Kyk, ons glo nie hy het nie; ja, ons glo nie dat hy ′n profeet is nie; nogtans, as hierdie ding wat hy gesê het aangaande die hoofregter waar is, dat hy dood is, dan sal ons glo dat die ander woorde wat hy gespreek het waar is.
3 En dit het gebeur dat hulle gehardloop het met al hulle mag, en ingekom het by die regterstoel; en kyk, die hoofregter het op die aarde geval, en het in sy bloed [a]gelê.
4 En nou kyk, toe hulle dit sien, was hulle uitermate verbaas, in soverre dat hulle neergeval het op die aarde; want hulle het nie die woorde geglo wat Nefi gespreek het aangaande die hoofregter nie.
5 Maar nou, toe hulle sien, het hulle geglo, en vrees het oor hulle gekom dat al die oordele wat Nefi gespreek het sou kom oor die volk; daarom het hulle gebewe, en het op die aarde neergeval.
6 Nou, onmiddellik toe die regter vermoor is—en hy is gesteek deur sy broer onder ′n dekmantel van geheimsinnigheid, en hy het gevlug, en die diensknegte het gehardloop en die volk vertel, en die geroep van moord laat opgaan onder hulle;
7 En kyk, die volk het hulleself bymekaargemaak by die plek van die regterstoel—en kyk, tot hulle verbasing het hulle daardie vyf manne gesien wat op die aarde neergeval het.
8 En nou kyk, die volk het niks geweet aangaande die menigte wat bymekaar gekom het by die [a]tuin van Nefi nie; daarom het hulle onder mekaar gesê: Hierdie manne is hulle wat die regter vermoor het, en God het hulle getref dat hulle nie van ons kon wegvlug nie.
9 En dit het gebeur dat hulle hul gegryp het, en hulle vasgebind en in die gevangenis gewerp het. En daar is ′n aankondiging ver en wyd gestuur dat die regter gedood is, en dat die moordenaars geneem is en in die gevangenis gewerp is.
10 En dit het gebeur dat op die volgende dag het die volk hulleself bymekaargemaak om te rou en te [a]vas, by die begrafnis van die groot hoofregter wat gedood is.
11 En so ook het daardie regters wat by die tuin van Nefi was, en sy woorde gehoor het, ook bymekaargekom by die begrafnis.

**9** 3*a* Hel. 8:27. | 8*a* Hel. 7:10. | 10*a* GS Vas.

12 En dit het gebeur dat hulle navraag gedoen het onder die volk, en gesê het: Waar is die vyf wat gestuur is om navraag te doen aangaande die hoofregter of hy dood is? En hulle het geantwoord en gesê: Aangaande hierdie vyf wat julle sê julle gestuur het, weet ons nie; maar daar is vyf wat die moordenaars is, wat ons in die gevangenis gewerp het.

13 En dit het gebeur dat die regters begeer het dat hulle gebring moes word; en hulle is gebring, en kyk hulle was die vyf wat gestuur is; en kyk die regters het by hulle navraag gedoen om te weet aangaande die saak, en hulle het hulle alles vertel wat hulle gedoen het, en het gesê:

14 Ons het gehardloop en by die plek van die regterstoel gekom, en toe ons alle dinge sien net soos Nefi getuig het, was ons verbaas, in soverre dat ons op die aarde geval het; en toe ons herstel het van ons verbasing, kyk het hulle ons in die gevangenis gewerp.

15 Nou, aangaande die moord van hierdie man, ons weet nie wie dit gedoen het nie; en ons weet net dit, ons het gehardloop en het gekom net soos julle gevra het, en sien hy was dood, volgens die woorde van Nefi.

16 En nou het dit gebeur dat die regters die saak uitgelê het aan die volk, en uitgeroep het teen Nefi, en gesê het: Kyk, ons weet dat hierdie Nefi met iemand moes ooreengekom het om die regter dood te maak, en dan sou hy dit aan ons verklaar, dat hy ons mag bekeer tot sy geloof, dat hy homself mag verhef om ′n groot man te wees, gekies deur God, en ′n profeet.

17 En nou kyk, ons sal hierdie man ontmasker, en hy sal sy skuld beken en aan ons bekend maak die ware moordenaar van hierdie regter.

18 En dit het gebeur dat die vyf vrygelaat is op die dag van die begrafnis. Nogtans, hulle het die regters bestraf betreffende die woorde wat hulle gespreek het teen Nefi en het met hulle getwis een vir een, in soverre dat hulle hul verwar het.

19 Nogtans, hulle het vir Nefi laat neem en vasbind en laat bring voor die skare, en hulle het begin om hom uit te vra op verskillende maniere sodat hulle hom mag verstrik, sodat hulle hom mag beskuldig tot die dood—

20 En aan hom gesê het: Jy is ′n medepligtige; wie is die man wat hierdie moord gepleeg het? Nou vertel ons, en beken jou skuld; en gesê: Kyk, hier is geld; en ook sal ons jou jou lewe gun as jy ons sal vertel, en die ooreenkoms sal beken wat jy gemaak het met hom.

21 Maar Nefi het aan hulle gesê: O julle [a]dwase, julle onbesnedenes van hart, julle blinde, en julle [b]hardnekkige volk, weet julle hoe lank die Here julle God julle sal toelaat dat julle sal aangaan op hierdie julle weg van sonde?

21 *a* Hand. 7:51.
*b* GS Rebellie.

22 O, julle behoort te begin om uit te roep en [a]treur, vanweë die groot vernietiging wat julle op hierdie tyd afwag, tensy julle sal bekeer.

23 Kyk, julle sê dat ek ooreengekom het met ′n man dat hy Seezoram moes vermoor, ons hoofregter. Maar kyk, ek sê vir julle, dat dit is omdat ek getuig het aan julle sodat julle mag weet aangaande hierdie ding; ja, naamlik as ′n getuienis vir julle, dat ek geweet het van die boosheid en gruwels wat onder julle is.

24 En omdat ek dit gedoen het, sê julle dat ek ooreengekom het met ′n man dat hy hierdie ding moes doen; ja, omdat ek aan julle hierdie teken getoon het, is julle kwaad vir my, en soek om my lewe te vernietig.

25 En nou kyk, ek sal aan julle ′n ander teken toon, en sien of julle in hierdie ding sal soek om my te vernietig.

26 Kyk, ek sê vir julle: Gaan na die huis van Seantum, wat die [a]broer is van Seezoram, en sê vir hom—

27 Het Nefi, die sogenaamde profeet, wat soveel boosheid profeteer aangaande hierdie volk, met jou ooreengekom, waarvolgens jy Seezoram vermoor het, wat jou broer is?

28 En kyk, hy sal aan julle sê: Nee.

29 En julle sal aan hom sê: Het jy jou broer vermoor?

30 En hy sal staan met vrees, en nie weet wat om te sê nie. En kyk, hy sal dit ontken aan julle, en hy sal maak asof hy verbaas is; nogtans, hy sal aan julle verklaar dat hy onskuldig is.

31 Maar kyk, julle sal hom ondersoek, en julle sal bloed vind aan die soom van sy mantel.

32 En wanneer julle dit gesien het, sal julle sê: Van waar kom hierdie bloed? Weet ons nie dat dit die bloed is van jou broer nie?

33 En dan sal hy bewe, en sal bleek lyk, net asof die dood oor hom gekom het.

34 En dan sal julle sê: Vanweë hierdie vrees en hierdie bleekheid wat oor jou gesig gekom het, kyk, weet ons dat jy skuldig is.

35 En dan sal groter vrees oor hom kom; en dan sal hy aan julle beken, en nie meer ontken dat hy hierdie moord gepleeg het nie.

36 En dan sal hy aan julle sê dat ek, Nefi, niks weet aangaande die saak nie behalwe as dit aan my gegee is deur die krag van God. En dan sal julle weet dat ek ′n eerlike man is, en dat ek na julle gestuur is van God.

37 En dit het gebeur dat hulle gegaan en gedoen het, net soos Nefi aan hulle gesê het. En kyk, die woorde wat hy gesê het was waar; want volgens die woorde het hy ontken; en ook volgens die woorde het hy beken.

38 En hy is gebring om te bewys dat hy self die werklike

22*a* Mosia 7:24.
26*a* Hel. 8:27.

moordenaar was, in soverre dat
die vyf vrygelaat is, en ook was
Nefi.
39 En daar was sommige van
die Nefiete wat geglo het in die
woorde van Nefi, en daar was
sommiges ook, wat geglo het
vanweë die getuienis van die vyf,
want hulle het tot bekering gekom
terwyl hulle in die gevangenis was.
40 En nou was daar sommiges
onder die volk wat gesê het dat
Nefi 'n profeet was.
41 En daar was ander wat gesê
het: Kyk, hy is 'n god, want tensy
hy 'n god is, kon hy nie geweet
het van alle dinge nie. Want kyk,
hy het ons die gedagtes van ons
harte vertel, en het ons ook dinge
vertel; en hy het selfs die ware
moordenaar van ons hoofregter
tot ons kennis gebring.

## HOOFSTUK 10

*Die Here gee Nefi die verseëlingsmag—Hy word gemagtig om te bind en te ontbind op aarde en in die hemel—Hy beveel die mense om te bekeer of te vergaan—Die Gees voer hom van skare tot skare. Ongeveer 21–20 v.C.*

En dit het gebeur dat daar 'n
verdeling ontstaan het onder
die volk, in soverre dat hulle
hiernatoe en daarnatoe verdeel
het, en hulle weë gegaan
het, en vir Nefi alleen gelaat het
terwyl hy in hulle midde gestaan
het.
2 En dit het gebeur dat Nefi sy
weg gegaan het na sy eie huis,
[a]peinsend oor die dinge wat die
Here aan hom getoon het.
3 En dit het gebeur terwyl hy
aldus gepeins het—was hy baie
terneergedruk vanweë die boosheid
van die volk van die Nefiete,
hulle geheime werke van duisternis,
en hulle moorde, en hulle
geplunder, en allerlei ongeregtighede—dit
het gebeur terwyl hy
aldus in sy hart gepeins het, kyk,
'n stem het na hom gekom wat sê:
4 Geseënd is jy, Nefi, weens
daardie dinge wat jy gedoen het;
want Ek het gesien hoe jy [a]onvermoeid
die woord verkondig
het, wat Ek aan jou gegee het,
aan hierdie volk. En jy het hulle
nie gevrees nie, en het nie jou [b]eie
lewe gesoek nie, maar het my [c]wil
gesoek, en om my gebooie te onderhou.
5 En nou, omdat jy dit gedoen
het met sulke onvermoeidheid,
kyk, Ek sal jou seën vir ewig; en
Ek sal jou magtig maak in woord
en daad, in geloof en in werke; ja,
totdat [a]alle dinge vir jou gedoen
sal word volgens jou [b]woord,
want jy sal [c]nie dít vra wat teenstrydig
is met my wil nie.
6 Kyk, jy is Nefi, en Ek is God.
Kyk, Ek verklaar dit aan jou in die
teenwoordigheid van my engele,
dat jy mag sal hê oor hierdie volk,

**10** 2*a* GS Peins.
4*a* GS Ywer.
*b* GS Opoffer.
*c* 3 Ne. 11:11.
5*a* 3 Ne. 18:20; L&V 88:63–65.
*b* Enos 1:12.
*c* 2 Ne. 4:35; L&V 46:30.

en die aarde sal tref met [a]hongersnood, en met pestilensie, en vernietiging, volgens die boosheid van hierdie volk.

7 Kyk, Ek gee aan jou mag, dat wat jy ook al op aarde sal [a]verseël, verseël sal wees in die hemel; en wat jy ook al sal losmaak op aarde, sal losgemaak wees in die hemel; en dus sal jy mag hê onder hierdie volk.

8 En dus, as jy aan hierdie tempel sal sê dat dit in twee geskeur word, sal dit gedoen word.

9 En as jy sal sê vir hierdie [a]berg, Wees jy neergewerp en word gelyk, sal dit gedoen word.

10 En kyk, as jy sal sê dat God hierdie volk sal tref, sal dit gebeur.

11 En nou kyk, Ek gebied jou, dat jy sal gaan en aan hierdie volk verkondig, dat so sê die Here God, wat die Almagtige is: Tensy julle bekeer, sal julle geslaan word, tot [a]vernietiging toe.

12 En kyk, nou het dit gebeur dat toe die Here hierdie woorde met Nefi gespreek het, het hy gestaan, en nie na sy eie huis gegaan nie, maar het teruggekeer na die skares wat verstrooi was oor die aangesig van die land, en begin om die woord van die Here aan hulle te verkondig wat met hom gespreek is, aangaande hul vernietiging as hulle nie bekeer nie.

13 Nou kyk, nieteenstaande daardie groot wonderwerk wat Nefi gedoen het deur hulle te vertel aangaande die dood van die hoofregter, het hulle hul harte verhard en nie ag geslaan op die woorde van die Here nie.

14 Daarom het Nefi aan hulle die woord van die Here verkondig en gesê: Tensy julle bekeer, so sê die Here, sal julle geslaan word tot vernietiging toe.

15 En dit het gebeur dat toe Nefi aan hulle die woord verkondig het, kyk, het hulle steeds hulle harte verhard en wou nie ag slaan op sy woorde nie; daarom het hulle hom uitgeskel, en het gesoek om hulle hande op hom te lê sodat hulle hom in die gevangenis kon werp.

16 Maar kyk, die krag van God was met hom, en hulle kon hom nie neem om hom in die gevangenis te werp nie, want hy is deur die Gees geneem en weggevoer uit hulle midde uit.

17 En dit het gebeur dat hy só uitgegaan het in die Gees, van skare tot skare, en die woord van God verkondig het, totdat hy dit aan hulle almal verkondig het, of dit uitgestuur het onder die hele volk.

18 En dit het gebeur dat hulle nie wou ag slaan op sy woorde nie; en daar het begin om twiste te ontstaan, in soverre dat hulle verdeeld was teen hulleself en begin het om mekaar dood te maak met die swaard.

---

6*a* Hel. 11:4–18.
7*a* Matt. 16:19.
GS Verseël, Verseëling.
9*a* Matt. 17:20;
Jakob 4:6;
Morm. 8:24;
Ether 12:30.
11*a* Hel. 5:2.

19 En so het die een en sewen-
tigste jaar van die heerskappy van
die regters oor die volk van Nefi
geëindig.

## HOOFSTUK 11

*Nefi oorreed die Here om hulle oorlog te vervang met 'n hongersnood—Baie mense vergaan—Hulle bekeer, en Nefi pleit by die Here vir reën—Nefi en Lehi ontvang baie openbaringe—Die Gadiantonrowers vestig hulleself in die land. Ongeveer 20–6 v.C.*

En nou het dit gebeur in die twee
en sewentigste jaar van die heers-
kappy van die regters dat die
twiste toegeneem het, in soverre
dat daar oorloë was dwarsdeur
die hele land onder die hele volk
van Nefi.
2 En dit was hierdie [a]geheime
bende van rowers wat hierdie
werk van vernietiging en boos-
heid voortgesit het. En hierdie
oorlog het daardie hele jaar ge-
duur; en in die drie en sewentig-
ste jaar het dit ook geduur.
3 En dit het gebeur dat in dié
jaar het Nefi tot die Here geroep,
en gesê:
4 O, Here, moenie toelaat dat
hierdie volk vernietig sal word
deur die swaard nie; maar o Here,
laat daar eerder 'n [a]hongersnood
wees in die land, om hulle aan te
spoor om die Here hulle God te
onthou, en miskien sal hulle be-
keer en tot U keer.
5 En so is dit gedoen, volgens die
woorde van Nefi. En daar was 'n
groot hongersnood oor die land,
onder die hele volk van Nefi. En
so in die vier en sewentigste jaar
het die hongersnood voortgeduur,
en die werk van vernietiging deur
die swaard het opgehou maar het
hewig geword deur hongersnood.
6 En hierdie werk van vernieti-
ging het ook voortgeduur in die
vyf en sewentigste jaar. Want die
aarde is getref sodat dit droog
was, en het nie graan opgelewer
in die seisoen van graan nie; en
die hele aarde is getref, naamlik
onder die Lamaniete sowel as on-
der die Nefiete, sodat hulle getref
is dat hulle vergaan het in dui-
sende in die meer goddelose dele
van die land.
7 En dit het gebeur dat die volk
gesien het dat hulle op die punt
was om om te kom van honger-
snood, en hulle het begin om die
Here hulle God te [a]onthou; en
hulle het begin om die woorde
van Nefi te onthou.
8 En die volk het begin om te
pleit by hulle hoofregters en hulle
leiers, dat hulle aan Nefi moes sê:
Kyk, ons weet dat jy 'n man van
God is, en daarom, roep tot die
Here ons God dat Hy hierdie hon-
gersnood van ons afwend, sodat
al die [a]woorde wat jy gespreek het
aangaande ons vernietiging nie
vervul word nie.
9 En dit het gebeur dat die reg-
ters aan Nefi gesê het, volgens

**11** 2*a* Hel. 6:18–24; 11:25–26.
4*a* 1 Kon. 17:1; Hel. 10:6.
7*a* Hel. 12:3.
8*a* Hel. 10:11–14.

die woorde wat begeer was. En
dit het gebeur dat toe Nefi sien
dat die volk bekeer het, en hulle
verootmoedig het in 'n roukleed,
het hy weer tot die Here geroep,
en gesê:
10 O Here, kyk, hierdie volk bekeer hulle; en hulle het die bende
van Gadianton weggevee van onder hulle in soverre dat hulle uitgewis is, en hulle het hul geheime
planne verberg in die aarde.
11 Nou, o Here, vanweë hierdie hulle ootmoed, sal U u toorn
afwend, en laat u toorn bevredig word in die vernietiging van
daardie goddelose manne wat U
alreeds vernietig het.
12 O Here, sal U u toorn afwend,
ja, u vurige toorn, en gee dat hierdie hongersnood mag ophou in
hierdie land.
13 O Here, sal U ag slaan op
my, en gee dat dit gedoen mag
word volgens my woorde, en
[a]reën stuur op die aangesig van
die aarde, dat sy haar vrug mag
voortbring, en haar graan in die
seisoen van graan.
14 O Here, U het ag geslaan op
[a]my woorde toe ek gesê het, Laat
daar 'n hongersnood wees, sodat
die pestilensie van die swaard
mag ophou; en ek weet dat U
sal, ook op hierdie tyd, ag slaan
op my woorde, want U het gesê
dat: As hierdie volk bekeer, sal Ek
hulle spaar.
15 Ja, o Here, en U sien dat
hulle bekeer het, vanweë die
hongersnood en die pestilensie
en die vernietiging wat oor hulle
gekom het.
16 En nou, o Here, sal U u toorn
afwend, en weer probeer om te
sien of hulle U nie sal dien nie? En
indien wel, o Here, kan U hulle
seën volgens u woorde wat U
gesê het.
17 En dit het gebeur dat in die
ses en sewentigste jaar het die
Here sy toorn afgewend van die
volk, en gegee dat [a]reën sou val
op die aarde, in soverre dat dit
haar vrugte voortgebring het in
die seisoen van haar vrugte. En
dit het gebeur dat dit haar graan
voortgebring het in die seisoen
van haar graan.
18 En kyk, die volk het gejubel
en God verheerlik, en die hele
aangesig van die land was gevul met vreugde; en hulle het nie
meer gesoek om Nefi te vernietig
nie, maar hulle het hom geag as
'n [a]groot profeet, en 'n man van
God, aan wie groot mag en gesag
gegee is deur God.
19 En kyk, Lehi, sy broer, was
hom nie in die [a]geringste agter
wat betref dinge met betrekking
tot regverdigheid nie.
20 En so het dit gebeur dat die
volk van Nefi weer begin het om
voorspoedig te wees in die land,
en het begin om hulle puinhope
op te bou, en het begin om te vermenigvuldig en te versprei, totdat hulle die hele aangesig van
die land bedek het, beide aan die

13*a* 1 Kon. 18:1, 41–46.
14*a* Hel. 11:4.
17*a* Deut. 11:13–17.
18*a* Hel. 10:5–11.
19*a* Hel. 5:36–44.

noordekant en aan die suidekant,
vanaf die see wes na die see oos.
21 En dit het gebeur dat die ses
en sewentigste jaar in vrede ge-
ëindig het. En die sewe en sewen-
tigste jaar het begin in vrede; en
die [a]kerk het oral oor die aange-
sig van die hele land versprei;
en die grootste gedeelte van die
volk, beide die Nefiete en die La-
maniete, het aan die kerk behoort;
en hulle het uitermate groot vrede
gehad in die land; en so het die
sewe en sewentigste jaar geëindig.
22 En ook het hulle vrede ge-
had in die agt en sewentigste jaar,
behalwe vir ′n paar twiste aan-
gaande die punte van die leer-
stelling wat neergelê is deur die
profete.
23 En in die nege en sewentigste
jaar het daar begin om baie on-
enigheid te wees. Maar dit het ge-
beur dat Nefi en Lehi, en baie van
hulle broers wat geweet het van
die ware punte van die leerstel-
ling, omdat hulle daagliks baie
[a]openbaringe gehad het, daarom
het hulle vir die volk gepreek, in
soverre dat hulle ′n einde gemaak
het aan hulle onenigheid in daar-
die selfde jaar.
24 En dit het gebeur dat in die
tagtigste jaar van die heerskappy
van die regters oor die volk van
Nefi, was daar ′n sekere aantal
van die afvalliges van die volk
van Nefi, wat enkele jare vante-
vore oorgegaan het na die Lama-
niete, en op hulleself die naam
van Lamaniete geneem het, en
ook ′n sekere aantal wat werklike
afstammelinge van die Lamaniete
was, omdat hulle tot toorn opge-
stook is deur hulle, of deur daar-
die afvalliges, daarom het hulle
begin met ′n oorlog teen hulle
broers.
25 En hulle het moord en roof
gepleeg; en daarna het hulle te-
ruggetrek in die berge in, en in
die wildernis en geheime plekke
in, en hulle sou wegkruip sodat
hulle nie ontdek kon word nie,
en het daagliks ′n toevoeging tot
hulle getalle ontvang, in soverre
dat daar afvalliges was wat uit-
gegaan het na hulle.
26 En so, met die tyd, ja, selfs
binne die tydperk van nie baie
jare nie, het hulle ′n uitermate
groot bende rowers geword; en
hulle het al die geheime planne
van Gadianton nagespoor; en so
het hulle rowers van Gadianton
geword.
27 Nou kyk, hierdie rowers het
groot verwoesting aangerig, ja, en
wel tot groot vernietiging onder
die volk van Nefi, en ook onder
die volk van die Lamaniete.
28 En dit het gebeur dat dit
noodsaaklik was dat daar ′n einde
gemaak moes word aan hierdie
werk van vernietiging; daarom
het hulle ′n leër van sterk manne
die wildernis in gestuur, en op
die berge, om hierdie bende ro-
wers op te spoor, en om hulle te
vernietig.

21 *a* GS Kerk van Jesus Christus.
23 *a* Alma 26:22; L&V 107:19.

29 Maar kyk, dit het gebeur dat in daardie selfde jaar is hulle teruggedryf, tot in hulle eie lande. En so het die tagtigste jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi geëindig.

30 En dit het gebeur dat aan die begin van die een en tagtigste jaar het hulle weer uitgegaan teen hierdie bende van rowers, en het baie vernietig; en hulle is ook besoek met baie vernietiging.

31 En hulle was weer verplig om terug te keer uit die wildernis en uit die berge na hulle eie lande, vanweë die uitermate grootheid van die getalle van daardie rowers wat die berge en die wildernis vervuil het.

32 En dit het gebeur dat hierdie jaar so geëindig het. En die rowers het steeds toegeneem en sterk geword, in soverre dat hulle al die leërs van die Nefiete geminag het, en ook van die Lamaniete; en hulle het groot vrees laat kom oor die volk op die hele aangesig van die land.

33 Ja, want hulle het baie dele van die land besoek, en het groot verwoesting aan hulle aangerig; ja, het baie doodgemaak, en het ander weggevoer in slawerny die wildernis in, ja, en meer in besonder hulle vroue en hulle kinders.

34 Nou, hierdie groot boosheid, wat oor die volk gekom het vanweë hulle ongeregtigheid, het hulle weer opgewek ter gedagtenis aan die Here hulle God.

35 En so het die een en tagtigste jaar van die heerskappy van die regters geëindig.

36 En in die twee en tagtigste jaar het hulle weer begin om die Here hulle God te [a]vergeet. En in die drie en tagtigste jaar het hulle begin om sterk toe te neem in ongeregtigheid. En in die vier en tagtigste jaar het hulle nie hulle weë verander nie.

37 En dit het gebeur in die vyf en tagtigste jaar het hulle sterker en sterker geword in hulle hoogmoed, en in hulle boosheid; en so het hulle weer ryp geword vir vernietiging.

38 En so het die vyf en tagtigste jaar geëindig.

## HOOFSTUK 12

*Mense is onbestendig en dwaas en gou om boosheid te doen—Die Here kasty sy volk—Die nietigheid van mense word vergelyk met die mag van God—Op die oordeelsdag sal mense die ewigdurende lewe verwerf of die ewigdurende verdoemenis. Ongeveer 6 v.C.*

En so kan ons sien hoe vals, en ook die onbestendigheid van die harte van die kinders van mense is; ja, ons kan sien dat die Here in sy groot oneindige goedheid diegene seën en [a]voorspoedig maak wat hulle [b]vertroue in Hom stel.

2 Ja, en ons mag sien dat in dieselfde tyd wanneer Hy sy volk

---

36*a* Alma 46:8.
**12** 1*a* 2 Kron. 26:5; Ps. 1:2–3.
*b* Ps. 36:8–9; 2 Ne. 22:2; Mosia 4:6.
GS Vertrou.

voorspoedig maak, ja, in die aanwas van hulle lande, hulle kleinvee en hulle grootvee, en in goud en in silwer, en in allerlei soorte kosbare dinge van elke tipe en vakmanskap; deur hulle lewens te spaar, en hulle te verlos uit die hande van hulle vyande; deur die harte te versag van hulle vyande dat hulle nie oorloë sou verklaar teen hulle nie; ja, en kortom, alle dinge doen vir die welvaart en geluk van sy volk; ja, dan is dit die tyd dat hulle hul harte [a]verhard, en die Here hulle God vergeet, en die Heilige Een onder hulle voete [b]vertrap—ja, en dit vanweë hulle gemak, en hulle uitermate groot voorspoed.

3 En so sien ons dat tensy die Here sy volk [a]kasty met baie verdrukkinge, ja, tensy Hy hulle besoek met die dood en met verskrikking, en met hongersnood en met allerhande soorte pestilensie, sal hulle Hom nie [b]onthou nie.

4 O hoe dwaas, en hoe ydel, en hoe boos, en duiwels, en hoe [a]gou om ongeregtigheid te doen, en hoe traag om goed te doen, is die kinders van mense; ja, hoe gou om ag te slaan op die woorde van die bose een, en om hulle [b]harte te rig op die ydele dinge van die wêreld!

5 Ja, hoe gou om opgehef te word in [a]hoogmoed; ja, hoe gou om te roem, en om allerlei soorte van dit te doen wat ongeregtig is; en hoe traag is hulle om die Here hulle God te onthou, en om die oor te neig na sy raadgewinge, ja, hoe traag om te [b]wandel in wysheid se weë!

6 Kyk, hulle begeer nie dat die Here hulle God, wat hulle [a]geskape het, moes [b]regeer en heers oor hulle nie; nieteenstaande sy groot barmhartigheid en sy genade teenoor hulle, ag hulle sy raadgewinge as niks, en hulle wil nie hê dat Hy hulle gids moet wees nie.

7 O, hoe groot is die [a]nietigheid van die kinders van mense; ja, hulle is selfs minder as die stof van die aarde.

8 Want kyk, die stof van die aarde beweeg hiernatoe en daarnatoe, tot die uitmekaarskeiding op die bevel van ons groot en ewige God.

9 Ja, kyk, deur sy stem sidder en [a]bewe die heuwels en die berge.

10 En deur die [a]krag van sy stem word hulle opgebreek en word gelykgemaak, ja, net soos 'n vallei.

11 Ja, deur die krag van sy stem skud die [a]hele aarde;

12 Ja, deur die krag van sy stem

2*a* GS Afval.
*b* Alma 5:53; 3 Ne. 28:35.
3*a* Mosia 23:21; L&V 98:21; 101:8.
*b* Amos 4:6–11.
4*a* Ex. 32:8.
*b* Matt. 15:19; Hebr. 3:12.
5*a* Spr. 29:23. GS Hoogmoed.
*b* GS Wandel, Wandel met God.
6*a* Jes. 45:9; L&V 58:30; Moses 7:32–33.
*b* L&V 60:4.
7*a* Jes. 40:15, 17; Mosia 4:19; Moses 1:10.
9*a* 3 Ne. 22:10.
10*a* 1 Ne. 17:46.
11*a* Morm. 5:23; Ether 4:9.

skud die fondamente selfs tot in
die middel.
13 Ja, en as Hy aan die aarde
sê—Beweeg—dan word dit be-
weeg.
14 Ja, as Hy aan die [a]aarde sê—
Jy sal [b]teruggaan, dat dit die dag
met baie ure [c]verleng—word dit
gedoen.
15 En dus, volgens sy woord,
gaan die aarde terug, en dit lyk
vir die mens asof die son stilstaan;
ja, en kyk, dit is so; want sekerlik
is dit die aarde wat beweeg en nie
die son nie.
16 En kyk, ook, as Hy aan die
[a]waters van die groot diepte sê—
[b]Wees julle opgedroog—word dit
gedoen.
17 Kyk, as Hy aan hierdie berg
sê—Lig jou op, en [a]kom oor en
val op daardie stad, sodat dit be-
grawe word—kyk, dit is gedoen.
18 En kyk, as ′n man ′n skat
[a]wegsteek in die aarde, en die
Here sal sê—Laat dit [b]vervloek
wees, vanweë die ongeregtig-
heid van hom wat dit weggesteek
het—kyk, dit sal vervloek wees.
19 En as die Here sal sê—Wees
jy vervloek, sodat geen mens jou
sal vind van nou af en vir ewig
nie—kyk, geen mens kry dit van
nou af en vir ewig nie.
20 En kyk, as die Here aan ′n
man sal sê—Vanweë jou ongereg-
tighede, sal jy vir ewig vervloek
wees—sal dit gedoen wees.
21 En as die Here sal sê—Van-
weë jou ongeregtighede sal jy
afgesny word van my teenwoor-
digheid—sal Hy gee dat dit so sal
wees.
22 En wee hom aan wie Hy dit
sal sê, want dit sal aan hom wees
wat ongeregtigheid sal doen,
en hy kan nie gered word nie;
daarom, om hierdie rede, dat die
mens gered mag word, is beke-
ring verkondig.
23 Daarom, [a]salig is hulle wat
sal bekeer en ag slaan op die
stem van die Here hulle God;
want hierdie is hulle wat gered
sal word.
24 En mag God gee, in sy groot
volheid, dat die mens gebring
mag word tot bekering en goeie
werke, sodat hulle herstel mag
word tot genade op [a]genade, vol-
gens hulle werke.
25 En ek wil hê dat alle mense
gered mag word. Maar ons lees
dat op die groot en laaste dag
daar sommiges is wat uitgewerp
sal word, ja, wat uitgewerp sal
word uit die teenwoordigheid
van die Here;
26 Ja, wat toegewys sal word
tot ′n toestand van eindelose el-
lende, om die woorde te vervul
wat sê: Hulle wat goed gedoen
het, sal die [a]ewigdurende lewe
hê; en hulle wat boosheid gedoen
het, sal ewigdurende [b]verdoeme-
nis hê. En so is dit. Amen.

14*a* Jos. 10:12–14.
*b* Jes. 38:7–8.
*c* 2 Kon. 20:8–11.
16*a* Matt. 8:27.
*b* Jes. 44:27; 51:10.
17*a* 3 Ne. 8:10.
18*a* Morm. 1:18; Ether 14:1.
*b* Hel. 13:17.
23*a* GS Heil.
24*a* GS Genade.
26*a* Matt. 25:46; Joh. 5:28–29; Rom. 6:13.
*b* GS Verdoemenis.

Die profesie van Samuel, die Lamaniet, aan die Nefiete.

*Dit behels hoofstukke 13 tot 15.*

## HOOFSTUK 13

*Samuel die Lamaniet profeteer die vernietiging van die Nefiete tensy hulle bekeer—Hulle en hul rykdomme is vervloek—Hulle verwerp en stenig die profete, word omring deur bose geeste, en soek na geluk deur ongeregtigheid te doen. Ongeveer 6 v.C.*

En nou het dit gebeur in die ses
en tagtigste jaar, het die Nefiete
nog steeds in boosheid verkeer,
ja, in groot boosheid, terwyl die
[a]Lamaniete noulettend was om
die gebooie van God te onder-
hou, volgens die wet van Moses.
2 En dit het gebeur dat in hier-
die jaar was daar ene Samuel, 'n
Lamaniet, wat ingekom het in die
land Zarahemla, en begin het om
te preek tot die volk. En dit het
gebeur dat hy gepreek het, baie
dae lank, bekering tot die volk,
en hulle het hom uitgewerp, en
hy was op die punt om terug te
keer na sy eie land.
3 Maar kyk, die stem van die
Here het tot hom gekom, dat hy
weer moes terugkeer, en tot die
volk profeteer watter dinge ook
al in sy [a]hart sou kom.
4 En dit het gebeur dat hulle
nie wou toelaat dat hy die stad
moes binnekom nie; daarom het
hy gegaan en op die muur daar-
van geklim, en sy hand uitgestrek
en uitgeroep met 'n luide stem,
en tot die volk geprofeteer watter
dinge ook al die Here in sy hart
geplaas het.
5 En hy het aan hulle gesê: Kyk,
ek, Samuel, 'n Lamaniet, spreek
die woorde van die Here wat Hy
in my hart plaas; en kyk, Hy het
dit in my hart geplaas om aan
hierdie volk te sê dat die [a]swaard
van geregtigheid oor hierdie volk
hang; en vierhonderd jaar sal nie
verbygaan alvorens die swaard
van geregtigheid op hierdie volk
val nie.
6 Ja, swaar [a]vernietiging wag
op hierdie volk, en dit kom se-
kerlik oor hierdie volk, en niks
kan hierdie volk red nie tensy dit
bekering en geloof in die Here
Jesus Christus is, wat sekerlik in
die wêreld sal kom, en baie dinge
sal ly en doodgemaak sal word
vir sy volk.
7 En kyk, 'n [a]engel van die Here
het dit aan my verkondig, en hy
het [b]blye tydings vir my siel ge-
bring. En kyk, ek is na julle ge-
stuur om dit ook aan julle te
verkondig, sodat julle blye ty-
dings mag hê; maar kyk, julle
wou my nie ontvang nie.
8 Daarom, so sê die Here: Van-
weë die hardheid van harte van
die volk van die Nefiete, tensy
hulle bekeer, sal Ek my woord

**13** 1*a* Hel. 15:4–5.
3*a* L&V 100:5.
5*a* Alma 60:29;
3 Ne. 2:19.
6*a* Alma 45:10–14;
Hel. 15:17.
7*a* Alma 13:26.
*b* Jes. 52:7.

wegneem van hulle, en Ek sal my Gees [a]onttrek van hulle, en Ek sal hulle nie langer verdra nie, en Ek sal die harte van hulle broers teen hulle keer.

9 En [a]vierhonderd jaar sal nie verbygaan voordat Ek sal veroorsaak dat hulle getref word nie; ja, Ek sal hulle met die swaard en met hongersnood en met pestilensie besoek.

10 Ja, Ek sal hulle besoek in my vurige toorn, en daar sal diegene wees van die [a]vierde geslag wat sal lewe van julle vyande, om julle algehele uitwissing te aanskou; en dit sal sekerlik kom tensy julle bekeer, sê die Here; en diegene van die vierde geslag sal julle vernietiging veroorsaak.

11 Maar as julle sal bekeer en tot die Here julle God [a]terugkeer, sal Ek my toorn afwend, sê die Here; ja, so sê die Here, geseënd is hulle wat sal bekeer en na My keer, maar wee hom wat nie bekeer nie.

12 Ja, [a]wee hierdie groot stad Zarahemla; want kyk, dit is vanweë diegene wat regverdig is dat dit gered word, ja, wee hierdie groot stad, want ek merk, sê die Here, dat daar baie is, ja, tot die grootste gedeelte van hierdie groot stad, wat hulle harte sal verhard teen my, sê die Here.

13 Maar geseënd is hulle wat sal bekeer, want hulle sal Ek spaar. Maar kyk, as dit nie was vir die regverdiges wat in hierdie groot stad is nie, kyk, sou Ek [a]vuur uit die hemel laat kom en dit verwoes.

14 Maar kyk, dit is vir die regverdiges se ontwil dat dit gespaar is. Maar kyk, die tyd kom, sê die Here, dat wanneer julle die regverdiges sal uitwerp onder julle, dan sal julle ryp wees vir vernietiging; ja, wee hierdie groot stad, vanweë die boosheid en die gruwels wat in haar is.

15 Ja, en wee die stad Gídeon, weens die boosheid en gruwels wat in haar is.

16 Ja, en wee al die stede wat in die land rondom is, wat besit word deur die Nefiete, vanweë die boosheid en gruwels wat in hulle is.

17 En kyk, ′n [a]vloek sal oor die land kom, sê die Here van die Leërskare, vanweë die volk se dade wat in die land is, ja, vanweë hulle boosheid en hulle gruwels.

18 En dit sal gebeur, sê die Here van die Leërskare, ja, ons groot en waaragtige God, dat wie ook al skatte in die aarde sal [a]versteek, hulle nie meer sal vind nie, vanweë die groot vloek op die land, tensy hy ′n regverdige man is en dit sal versteek tot die Here.

19 Want, Ek wil, sê die Here, dat hulle hul skatte moet versteek tot My; en vervloek is hulle wat nie

8*a* Hel. 6:35.
9*a* Alma 45:10–12.
10*a* 1 Ne. 12:12; 2 Ne. 26:9; 3 Ne. 27:32.
11*a* 3 Ne. 10:5–7.
12*a* 3 Ne. 8:8, 24; 9:3.
13*a* Gén. 19:24; 2 Kon. 1:9–16; 3 Ne. 9:11.
17*a* Hel. 12:18.
18*a* Morm. 1:18; Ether 14:1.

hulle skatte versteek tot My nie;
want niemand versteek hulle
skatte tot My nie behalwe die reg-
verdiges; en hy wat nie sy skatte
versteek tot My nie, vervloek is
hy en ook die skat, en niemand
sal dit terugwin nie vanweë die
vloek op die land.
20 En die dag sal kom wanneer
hulle hul skatte sal versteek, om-
dat hulle hul harte op hul ryk-
domme gerig het; en omdat hulle
hul harte op hul rykdomme ge-
rig het, en hulle skatte sal ver-
steek wanneer hulle sal vlug voor
hul vyande; omdat hulle hul nie
sal versteek tot My nie, vervloek
is hulle en ook hul skatte; en in
daardie dag sal hulle getref word,
sê die Here.
21 Kyk julle, die volk van hier-
die groot stad, en [a]slaan ag op
my woorde; ja, slaan ag op die
woorde wat die Here sê; want
kyk, Hy sê dat julle vervloek is
vanweë julle rykdomme, en ook
is julle rykdomme vervloek om-
dat julle jul harte gerig het op
hulle, en nie ag geslaan het op
die woorde van Hom wat hulle
aan julle gegee het nie.
22 Julle onthou nie die Here
julle God in die dinge waarmee
Hy julle geseën het nie, maar julle
onthou altyd julle [a]rykdomme, nie
om die Here julle God vir hulle
te dank nie; ja, julle harte is nie
uitgestrek tot die Here nie, maar
hulle swel van groot [b]hoogmoed,
tot roem, en tot groot geswel, na-
ywer, onenigheid, [c]afguns, ver-
volging, en moorde en allerlei
ongeregtighede.
23 Om hierdie rede het die Here
God veroorsaak dat ′n vloek oor
die land moes kom, en ook op
julle rykdomme, en dit vanweë
julle ongeregtighede.
24 Ja, wee hierdie volk, vanweë
hierdie tyd wat gekom het, dat
julle die profete [a]uitwerp, en hulle
bespot, en klippe gooi na hulle, en
hulle doodmaak, en allerlei on-
geregtighede doen aan hulle, net
soos hulle van ouds gedoen het.
25 En nou wanneer julle praat,
sê julle: As ons dae in die dae van
ons [a]vaders van ouds was, sou
ons nie die profete doodgemaak
het nie; ons sou hulle nie geste-
nig, en uitgewerp het nie.
26 Kyk, julle is erger as hulle;
want sowaar as die Here leef, as
′n [a]profeet onder julle kom, en
aan julle die woord van die Here
verkondig, wat getuig van julle
sondes en ongeregtighede, is
julle [b]vertoornd op hom, en werp
hom uit en soek allerlei weë om
hom te vernietig, ja, julle sal sê
dat hy ′n valse [c]profeet is, en dat
hy ′n sondaar is, en van die dui-
wel, omdat hy [d]getuig dat julle
dade boos is.
27 Maar kyk, as ′n man onder
julle sal kom en sal sê: Doen dit,

21*a* GS Ag slaan op.
22*a* Lk. 12:34.
GS Rykdom; Wêreldsheid.
*b* GS Hoogmoed.
*c* GS Afguns.
24*a* 2 Kron. 36:15–16; 1 Ne. 1:20.
25*a* Hand. 7:51.
26*a* 2 Kron. 18:7; Lk. 16:31.
*b* Jes. 30:9–10.
*c* Matt. 13:57.
*d* Gal. 4:16.

en daar is geen ongeregtigheid nie; doen dat en julle sal nie ly nie; ja, hy sal sê: Wandel agter die hoogmoed van julle eie harte aan; ja, wandel agter die hoogmoed van julle oë aan, en doen wat jul harte ook al begeer—en as ′n man onder julle sal kom en dit sê, sal julle hom ontvang, en sê dat hy ′n [a]profeet is.

28 Ja, julle sal hom verhef, en julle sal vir hom van julle besittings gee; julle sal vir hom van julle goud, en van julle silwer gee, en julle sal hom klee met kosbare gewaad; en omdat hy [a]vleiende woorde met julle spreek, en hy sê dat alles wel is, dan sal julle nie fout vind met hom nie.

29 O, julle goddelose en julle wederstrewige geslag; julle verharde en julle hardnekkige volk, hoe lank sal julle veronderstel dat die Here julle sal duld? Ja, hoe lank sal julle julself toelaat om gelei te word deur [a]dwase en [b]blinde gidse? Ja, hoe lank sal julle duisternis [c]kies eerder as [d]lig?

30 Ja, kyk, die toorn van die Here is alreeds aangesteek teen julle, kyk, Hy het die land vervloek vanweë julle ongeregtigheid.

31 En kyk, die tyd kom dat Hy julle rykdomme vervloek, dat hulle [a]glibberig word, dat julle hulle nie kan vashou nie; en in die dae van julle armoede kan julle hulle nie behou nie.

32 En in die dae van julle armoede sal julle roep tot die Here; en tevergeefs sal julle roep, want julle verlatenheid het reeds oor julle gekom, en julle vernietiging is seker gemaak; en dan sal julle ween en kerm in daardie dag, sê die Here van die Leërskare. En dan sal julle weeklaag, en sê:

33 O [a]dat ek bekeer het, en nie die profete doodgemaak het nie, en hulle nie [b]gestenig, en uitgewerp het nie. Ja, in daardie dag sal julle sê: O, dat ons die Here ons God onthou het in die dag toe Hy ons ons rykdomme gegee het, en dan sou hulle nie glibberig geword het dat ons hulle sou verloor nie; want kyk, ons rykdomme is weg van ons.

34 Kyk, ons lê ′n stuk gereedskap hier neer en die volgende dag is dit weg; en kyk, ons swaarde word van ons weggeneem op die dag toe ons hulle gesoek het vir die stryd.

35 Ja, ons het ons skatte versteek en hulle het van ons af weggeglip, vanweë die vloek op die land.

36 O, dat ons bekeer het in die dag toe die woord van die Here tot ons gekom het; want kyk, die land is vervloek, en alle dinge het glibberig geword, en ons kan hulle nie vashou nie.

37 Kyk, ons is omring deur bose

27 *a* Miga 2:11.
GS Priesterlis.
28 *a* 2 Tim. 4:3–4.
29 *a* 2 Ne. 28:9.
*b* Matt. 15:14.
*c* Joh. 3:19.
*d* Job 24:13.
31 *a* Morm. 1:17–18.
33 *a* Morm. 2:10–15.
*b* Matt. 23:37.

geeste, ja, ons is omgewe deur die
engele van hom wat gesoek het
om ons siele te vernietig. Kyk, ons
ongeregtighede is groot. O Here,
kan U nie u toorn van ons af-
wend nie? En dit sal jul taal wees
in daardie dae.
38 Maar kyk, julle [a]dae van toet-
sing is verby; julle het die dag van
julle heil [b]uitgestel totdat dit vir
ewig te laat is, en julle vernieti-
ging is seker gemaak; ja, want
julle het al die dae van julle lewe
gesoek na dít wat julle nie kon
verkry nie; en julle het gesoek
na [c]geluk deur ongeregtighede
te doen, welke ding teenstrydig
is met die aard van daardie reg-
verdigheid wat in ons groot en
Ewige Hoof is.
39 O, julle volk van die land,
dat julle my woorde wou hoor!
En ek bid dat die toorn van die
Here van julle afgewend word,
en dat julle sal bekeer en gered
word.

## HOOFSTUK 14

*Samuel voorspel lig gedurende die nag en ʼn nuwe ster ten tyde van Christus se geboorte—Christus verlos die mens van tydelike en geestelike dood—Die tekens van sy dood sluit drie dae van duisternis in, die skeur van rotse, en groot rampe in die natuur. Ongeveer 6 v.C.*

EN nou het dit gebeur dat [a]Sa-
muel, die Lamaniet, baie meer
dinge geprofeteer het wat nie ge-
skryf kan word nie.
2 En kyk, hy het aan hulle gesê:
Kyk, ek gee aan julle ʼn teken;
want nog vyf jaar meer kom, en
kyk, dan kom die Seun van God
om al diegene te verlos wat in sy
Naam sal glo.
3 En kyk, dit sal ek vir julle
gee vir ʼn [a]teken ten tyde van sy
koms; want kyk, daar sal groot
ligte wees in die hemel, in so ʼn
mate dat in die nag voor Hy kom
sal daar geen duisternis wees nie,
in so ʼn mate dat dit vir die mens
sal lyk asof dit dag was.
4 Daarom, daar sal een dag wees
en ʼn nag en ʼn dag, asof dit een
dag was en daar geen nag was
nie; en dit sal vir julle as ʼn teken
wees; want julle sal weet van die
opkoms van die son en ook van sy
ondergang; daarom sal hulle vir
seker weet dat daar twee dae en
ʼn nag sal wees; nogtans, die nag
sal nie verduister word nie; en dit
sal die nag wees voordat [a]Hy ge-
bore word.
5 En kyk, daar sal ʼn nuwe [a]ster
opkom, so ʼn een soos julle nooit
aanskou het nie; en dit sal ook ʼn
teken vir julle wees.
6 En kyk, dit is nie al nie, daar
sal baie tekens en wonders in die
hemel wees.
7 En dit sal gebeur dat julle al-
mal verbaas sal wees, en wonder,

38*a* Morm. 2:15.
*b* Alma 34:33–34.
*c* Alma 41:10–11.
**14** 1*a* Hel. 13:2.
3*a* 3 Ne. 1:15.
4*a* GS Jesus Christus—Profesieë aangaande die geboorte en dood van Jesus Christus.
5*a* Matt. 2:1–2; 3 Ne. 1:21.

tot so ′n mate dat julle sal [a]neer-
val op die aarde.
8 En dit sal gebeur dat wie ook
al sal [a]glo in die Seun van God,
dié een sal die ewigdurende lewe
hê.
9 En kyk, so het die Here my be-
veel, deur sy engel, dat ek sal kom
en dié ding aan julle vertel; ja, Hy
het beveel dat ek hierdie dinge
moet profeteer aan julle; ja, Hy
het aan my gesê: Roep tot hier-
die volk, bekeer en berei die weg
van die Here.
10 En nou, omdat ek ′n Lama-
niet is, en die woorde gespreek
het met julle wat die Here my be-
veel het, en omdat dit hard teen-
oor julle was, is julle vertoornd
op my en soek om my te vernie-
tig, en het my [a]uitgewerp van on-
der julle.
11 En julle sal my woorde hoor,
want vir hierdie doel het ek op
die mure van hierdie stad op-
gekom, sodat julle mag hoor en
weet van die oordele van God
wat op julle wag vanweë julle
ongeregtighede, en ook dat julle
die voorwaardes van bekering
mag weet;
12 En ook dat julle mag weet
van die koms van Jesus Chris-
tus, die Seun van God, die [a]Va-
der van hemel en van aarde, die
Skepper van alle dinge vanaf die
begin; en dat julle mag weet van
die tekens van sy koms, met die
doel dat julle in sy Naam mag glo.
13 En as julle [a]glo in sy Naam,
sal julle bekeer van al julle son-
des, dat julle daardeur vergifnis
mag hê van hulle deur sy [b]ver-
dienste.
14 En kyk, weer, ′n ander teken
gee ek aan julle, ja, ′n teken van
sy dood.
15 Want kyk, Hy moet sekerlik
sterwe, dat [a]heil mag kom; ja, dit
word vereis van Hom en dit is
noodsaaklik dat Hy sterwe, om
die [b]opstanding van die dode te-
weeg te bring, sodat die mens
daardeur in die teenwoordigheid
van die Here gebring mag word.
16 Ja, kyk, hierdie dood bring
die opstanding te weeg, en [a]verlos
die hele mensdom van die eerste
dood—daardie geestelike dood;
want die hele mensdom, omdat
hulle deur die [b]val van Adam
[c]afgesny is van die teenwoordig-
heid van die Here, word beskou
as [d]dood, beide met betrekking
tot die stoflike dinge en tot gees-
telike dinge.
17 Maar kyk, die opstanding
van Christus [a]verlos die mens-
dom, ja, en wel die hele mens-
dom, en bring hulle terug na die
teenwoordigheid van die Here.
18 Ja, en dit bring die voor-
waarde van bekering teweeg, dat
wie ook al bekeer, dié een word

7*a* 3 Ne. 1:16–17.
8*a* Joh. 3:16.
10*a* Hel. 13:2.
12*a* Mosia 3:8; 3 Ne. 9:15; Ether 4:7. GS Jesus Christus.
13*a* Hand. 16:30–31.
*b* L&V 19:16–20.
15*a* GS Saligmaker.
*b* Alma 42:23. GS Opstanding.
16*a* GS Plan van Verlossing.
*b* GS Val van Adam en Eva.
*c* Alma 42:6–9.
*d* GS Dood, Geestelike.
17*a* GS Verlos, Verlossing.

nie afgekap en in die vuur gewerp nie; maar wie ook al nie bekeer nie word afgekap en in die vuur gewerp; en daar kom weer ′n geestelike dood oor hulle, ja, ′n tweede dood, want hulle word weer afgesny wat betref die dinge van regverdigheid.
19 Daarom, bekeer julle, bekeer julle, uit vrees dat as julle hierdie dinge weet en hulle nie doen nie, julle julself sal toelaat om onder oordeel te kom, en julle afgebring word tot hierdie tweede dood toe.
20 Maar kyk, soos ek aan julle gesê het aangaande ′n ander [a]teken, ′n teken van sy dood, kyk, op daardie dag wanneer Hy die dood sal ly, sal die son [b]verduister word en weier om sy lig te gee aan julle; en ook die maan en die sterre; en daar sal geen lig wees op die aangesig van hierdie land nie, en wel vanaf die tyd dat Hy die dood sal ly, vir ′n tydperk van [c]drie dae, tot die tyd dat Hy weer sal opstaan uit die dood.
21 Ja, op die tydstip dat Hy die gees sal gee, sal daar [a]donder en weerlig wees vir ′n tydperk van baie ure, en die aarde sal skud en bewe; en die rotse wat op die aangesig van hierdie aarde is, wat beide bo-op die aarde en benede is, wat julle op hierdie tydstip weet solied is, of die grootste gedeelte daarvan een soliede massa is, sal [b]opgebreek word.
22 Ja, hulle sal in twee geskeur word, en sal vir altyd daarna in splete en in barste [a]gevind word, en in gebreekte stukke oor die aangesig van die hele aarde, ja, beide bo-op die aarde en benede.
23 En kyk, daar sal groot storms wees, en daar sal baie berge verlaag word, soos ′n vallei, en daar sal baie plekke wees wat nou valleie genoem word, wat berge sal word, welke hoogte groot is.
24 En baie hoofpaaie sal opgebreek word, en baie [a]stede sal verlate word.
25 En baie [a]grafte sal geopen word, en sal baie van hul dooies oorgee; en vele heiliges sal aan baie verskyn.
26 En kyk, so het die [a]engel met my gespreek; want hy het vir my gesê dat daar donder en weerlig sal wees vir ′n tydperk van baie ure.
27 En hy het aan my gesê dat terwyl die donder en die weerlig duur, en die storm, dat hierdie dinge sal wees, en dat [a]duisternis die aangesig van die hele aarde sal bedek vir ′n tydperk van drie dae.
28 En die engel het aan my gesê dat baie mense groter dinge sal sien as hierdie, met die doel dat hulle mag glo dat [a]hierdie tekens en hierdie wonders moet gebeur oor die hele aangesig van hierdie land, met die doel dat daar geen

20*a* 3 Ne. 8:5–25.
*b* Lk. 23:44.
*c* Mosia 3:10.
21*a* 3 Ne. 8:6.
*b* 3 Ne. 10:9.
22*a* 3 Ne. 8:18.
24*a* 3 Ne. 9:3–12.
25*a* Matt. 27:50–54; 3 Ne. 23:9–11.
26*a* Alma 13:26.
27*a* 1 Ne. 19:10; 3 Ne. 8:3.
28*a* 1 Ne. 12:4–5.

rede sal wees vir ongeloof onder die kinders van mense nie—
29 En dit met die doel dat wie ook al sal glo, gered mag word, en dat wie ook al nie sal glo nie, ′n regverdige [a]oordeel oor hulle mag kom, en ook as hulle veroordeel word, bring hulle op hulself hul eie oordeel.
30 En nou onthou, onthou, my broers, dat wie ook al vergaan, vergaan vanweë homself, en wie ook al ongeregtigheid doen, doen dit aan homself; want kyk, julle is [a]vry; julle word toegelaat om te handel vir julleself; want kyk, God het aan julle ′n [b]kennis gegee en Hy het julle vrygemaak.
31 Hy het aan julle gegee dat julle die goeie van die bose mag [a]onderskei, en Hy het aan julle gegee dat julle die lewe of die dood mag [b]kies; en julle kan goed doen en [c]herstel word tot dit wat goed is, of dit wat goed is kan aan julle herstel word; of julle kan booshheid doen, en dit wat boos is, kan aan julle herstel word.

## HOOFSTUK 15

*Die Here het die Nefiete gekasty omdat Hy hulle liefgehad het—Bekeerde Lamaniete is ferm en standvastig in die geloof—Die Here sal barmhartig wees teenoor die Lamaniete in die laaste dae. Ongeveer 6 v.C.*

1 En nou, my geliefde broers, kyk, ek verklaar aan julle dat tensy julle sal bekeer, sal julle huise vir julle [a]verlate gelaat word.
2 Ja, tensy julle bekeer, sal julle vroue groot rede hê om te rouklaag in die dag wat hulle sal soog; want julle sal probeer om te vlug en daar sal geen plek wees as toevlug nie; ja, en wee hulle wat [a]met kind is, want hulle sal swaar wees en kan nie vlug nie; daarom, hulle sal vertrap word en gelaat word om te vergaan.
3 Ja, wee hierdie volk wat genoem word die volk van Nefi, tensy hulle sal bekeer, wanneer hulle al hierdie tekens en wonders sal sien wat getoon sal word aan hulle; want kyk, hulle was ′n uitverkore volk van die Here; ja, die volk van Nefi het Hy liefgehad, en ook het Hy hulle [a]gekasty; ja; in die dae van hulle ongeregtighede het Hy hulle gekasty omdat Hy hulle liefgehad het.
4 Maar kyk, my broers, die Lamaniete het Hy gehaat omdat hulle dade voortdurend boos was, en dit vanweë die ongeregtigheid van die [a]oorlewering van hulle vaders. Maar kyk, heil het tot hulle gekom deur die prediking van die Nefiete; en met hierdie doel het die Here hulle dae [b]verleng.
5 En ek wil hê dat julle moet

29*a* GS Oordeel, Die Laaste.
30*a* 2 Ne. 2:26–29; Moses 6:56. GS Handelingsmag.
*b* GS Kennis.
31*a* Moro. 7:16.
*b* 2 Ne. 2:28–29; Alma 3:26–27.
*c* Alma 41:3–5.
**15** 1*a* Matt. 23:37–38.
2*a* Matt. 24:19.
3*a* Spr. 3:12; Hebr. 12:5–11; L&V 95:1.
4*a* GS Oorlewering.
*b* Alma 9:16.

sien dat die [a]grootste gedeelte
van hulle op die weg van hulle
plig is, en hulle wandel versigtig
voor God, en hulle het gepoog om
sy gebooie en sy insettinge en sy
verordeninge volgens die wet van
Moses te onderhou.
6 Ja, ek sê vir julle, dat die groot-
ste gedeelte van hulle dit doen,
en hulle werk met onvermoeide
ywer dat hulle die res van hulle
broers mag bring tot die kennis
van die waarheid; daarom is daar
baie wat daagliks by hulle getalle
bygevoeg word.
7 En kyk, julle weet vir julle-
self, want julle was getuie daar-
van, dat soveel van hulle as wat
gebring word tot die kennis van
die waarheid, en om te weet van
die goddelose en gruwelike oorle-
weringe van hulle vaders, en gelei
word om die heilige skrifture te
glo, ja, die profesieë van die hei-
lige profete, wat geskrywe is, wat
hulle lei tot geloof in die Here, en
tot bekering, welke geloof en be-
kering ʼn [a]verandering van hart
teweeg bring in hulle—
8 Daarom, soveel as wat hier-
toe gekom het, julle weet vir jul-
leself, is [a]ferm en standvastig in
die geloof, en in die dinge waar-
deur hulle vrygemaak is.
9 En julle weet ook dat hulle
hul wapens van oorlog [a]begrawe
het, en hulle vrees om hulle op te
neem, uit vrees dat hulle op een
of ander wyse sal sondig, ja, julle
kan sien dat hulle vrees om te
sondig—want kyk, hulle sal hul-
self toelaat om vertrap en deur
hulle vyande gedood te word, en
sal nie hulle swaarde ophef teen
hulle nie, en dit vanweë hulle ge-
loof in Christus.
10 En nou, vanweë hulle stand-
vastigheid wanneer hulle glo in
daardie ding waarin hulle glo,
want vanweë hulle fermheid
wanneer hulle eers eenmaal ver-
lig is, kyk, die Here sal hulle seën
en hulle dae verleng, nieteen-
staande hulle ongeregtigheid—
11 Ja, al sou hulle kwyn in on-
geloof, sal die Here hulle dae
[a]verleng, totdat die tyd sal kom
waarvan ons vaders gespreek het,
en ook deur die profeet [b]Zenos,
en baie ander profete, aangaande
die [c]herstelling van ons broers,
die Lamaniete, weer tot die ken-
nis van die waarheid—
12 Ja, ek sê vir julle, dat in die
laaste tye die [a]beloftes van die
Here aangebied is aan ons broers,
die Lamaniete; en nieteenstaande
die vele verdrukkinge wat hulle
sal hê, en nieteenstaande hulle
heen en weer [b]gedryf sal word
op die aangesig van die aarde, en
gejag word, en geslaan en ver en
wyd verstrooi sal word, en geen
plek van toevlug sal hê nie, sal
die Here [c]barmhartig wees teen-
oor hulle.

5 *a* Hel. 13:1.
7 *a* GS Bekeer, Bekering.
8 *a* Alma 23:6; 27:27; 3 Ne. 6:14.
9 *a* Alma 24:17–19.
11 *a* Alma 9:16.
*b* Hel. 8:19.
*c* 2 Ne. 30:5–8.
12 *a* Enos 1:12–13.
*b* Morm. 5:15.
*c* 1 Ne. 13:31; 2 Ne. 10:18–19; Jakob 3:5–6.

13 En dit is volgens die profesie, dat hulle weer [a]gebring sal word tot die ware kennis, wat die kennis is van hulle Verlosser, en hulle groot en ware [b]Herder, en gereken sal word onder sy skape.

14 Daarom sê ek aan julle, dit sal [a]beter wees vir hulle as vir julle, tensy julle bekeer.

15 Want kyk, [a]as die magtige werke getoon was aan hulle wat aan julle getoon is, ja, aan hulle wat in ongeloof gekwyn het vanweë die oorleweringe van hulle vaders, kan julle vir julself sien dat hulle nooit weer sou gekwyn het in ongeloof nie.

16 Daarom, sê die Here: Ek sal hulle nie heeltemal vernietig nie, maar Ek sal veroorsaak dat in die dag van my wysheid hulle weer sal terugkeer na My, sê die Here.

17 En nou, kyk, sê die Here, aangaande die volk van die Nefiete: As hulle nie bekeer en onderhou om my wil te doen nie, sal Ek hulle heeltemal [a]vernietig, sê die Here, vanweë hulle ongeloof, nieteenstaande die vele magtige werke wat Ek gedoen het onder hulle; en sowaar as die Here leef sal hierdie dinge wees, sê die Here.

## HOOFSTUK 16

*Die Nefiete wat Samuel glo word deur Nefi gedoop—Samuel kan nie gedood word deur die pyle en klippe van die onbekeerde Nefiete nie—Sommige verhard hulle harte en ander sien engele—Die ongelowiges sê dit is nie redelik om te glo in Christus en sy koms in Jerusalem nie. Ongeveer 6–1 v.C.*

En nou, dit het gebeur dat daar baie was wat die woorde gehoor het van Samuel, die Lamaniet, wat hy gespreek het op die mure van die stad. En soveel as wat in sy woorde geglo het, het uitgegaan en na Nefi gesoek; en toe hulle uitgekom het en hom gevind het, het hulle hul sondes aan hom bely en nie ontken nie, en begeer om gedoop te word tot die Here.

2 Maar soveel as wat daar was wat nie geglo het in die woorde van Samuel nie, was vertoornd op hom; en hulle het klippe na hom op die muur gegooi, en ook baie het pyle na hom geskiet terwyl hy op die muur gestaan het; maar die Gees van die Here was met hom, in soverre dat hulle hom nie met hulle klippe kon tref nie, nóg met hulle pyle.

3 Nou, toe hulle sien dat hulle hom nie kon tref nie, was daar baie meer wat in sy woorde geglo het, in soverre dat hulle weggegaan het na Nefi om gedoop te word.

4 Want kyk, Nefi het gedoop, en geprofeteer, en gepreek, en die volk tot bekering geroep, en tekens en wonders getoon, en

13*a* 3 Ne. 16:12.
*b* GS Goeie Herder.
14*a* Hel. 7:23.
15*a* Matt. 11:20–23.
17*a* Hel. 13:6–10.

[a]wonderwerke verrig onder die volk, dat hulle mag weet dat die Christus [b]binnekort moes kom—

5 En hy het hulle vertel van dinge wat binnekort moes kom, dat hulle mag weet en onthou ten tyde van hulle koms dat dit vooraf aan hulle bekend gemaak is met die bedoeling dat hulle mag glo; daarom het soveel as wat in die woorde van Samuel geglo het, uitgegaan na hom om gedoop te word, want hulle het gekom met bekering en belydenis van hulle sondes.

6 Maar die grootste deel van hulle het nie geglo in die woorde van Samuel nie; daarom, toe hulle sien dat hulle hom nie kon tref met hulle klippe en hulle pyle nie, het hulle tot hulle kapteins geroep, en gesê: Neem hierdie man en bind hom, want kyk, hy het ′n duiwel; en vanweë die krag van die duiwel wat in hom is, kan ons hom nie tref met ons klippe en ons pyle nie; daarom, neem hom en bind hom, en weg met hom.

7 En toe hulle uitgaan om hulle hande op hom te lê, kyk, het hy homself van die muur afgewerp, en uit hulle lande gevlug, ja, en wel na sy eie land, en het begin om onder sy eie mense te preek en te profeteer.

8 En kyk, hy is nooit meer van gehoor onder die Nefiete nie; en so was die sake van die volk.

9 En so het die ses en tagtigste jaar geëindig van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi.

10 En so het ook die sewe en tagtigste jaar geëindig van die heerskappy van die regters, terwyl die grootste gedeelte van die volk in hulle hoogmoed en boosheid gebly het, en die kleinste gedeelte meer versigtig gewandel het voor God.

11 En dit was ook die toestande in die agt en tagtigste jaar van die heerskappy van die regters.

12 En daar was maar min verandering in die sake van die volk, behalwe dat dit was dat die volk begin het om meer verhard te word in ongeregtigheid, en meer en meer dít gedoen het wat teenstrydig was met die gebooie van God, in die nege en tagtigste jaar van die heerskappy van die regters.

13 Maar dit het gebeur in die negentigste jaar van die heerskappy van die regters, is daar [a]groot tekens aan die volk gegee, en wonders; en die woorde van die profete het begin om [b]vervul te word.

14 En [a]engele het verskyn aan mense, wyse manne, en het aan hulle blye tydings van groot vreugde verkondig; dus in dié jaar het die skrifture begin om vervul te word.

15 Nogtans, die volk het hulle harte begin verhard, almal, behalwe vir die grootste gelowige

**16** 4*a* GS Wonderwerk.
*b* Hel. 14:2.
13*a* 3 Ne. 1:4.
*b* Hel. 14:3–7.
14*a* Alma 13:26.

gedeelte onder hulle, beide onder die Nefiete en ook onder die Lamaniete, en het begin om op hulle eie krag en op hul [a]eie wysheid te steun, en het gesê:
16 Sommige dinge mag hulle reg geraai het, onder so baie; maar kyk, ons weet dat al hierdie groot en wonderbaarlike werke nie kan geskied, waarvan gespreek is nie.
17 En hulle het begin om te redeneer en te stry onder mekaar, en het gesê:
18 Dat dit [a]nie redelik is dat so ′n wese soos ′n Christus sal kom nie; indien wel, en as Hy die Seun van God is, die Vader van hemel en aarde, soos dit gespreek is, waarom sal Hy Homself nie aan ons sowel as aan hulle wat by Jerusalem sal wees toon nie?
19 Ja, waarom sal Hy Homself nie toon in hierdie land sowel as in die land Jerusalem nie?
20 Maar kyk, ons weet dat dit ′n goddelose [a]oorlewering is, wat oorgelewer is aan ons deur ons vaders, om ons te laat glo in een of ander groot en wonderbaarlike ding wat sou gebeur, maar nie onder ons nie, maar in ′n land wat verafgeleë is, ′n land wat ons nie ken nie; daarom kan hulle ons in onkunde hou, want ons kan nie met ons eie oë [b]getuig dat hulle waar is nie.
21 En hulle sal, deur die sluwe en verborge kunste van die bose een, een of ander groot verborgenheid bewerkstellig wat ons nie kan verstaan nie, wat ons onder sal hou, om diensknegte van hulle woorde te wees, en ook diensknegte aan hulle, want ons is afhanklik van hulle om ons die woord te leer; en so sal hulle ons in onkunde hou as ons onsself aan hulle sal onderwerp, al die dae van ons lewe.
22 En baie meer dinge het die volk hulle verbeel in hulle harte, wat dwaas en [a]ydel was; en hulle was baie verontrus, want Satan het hulle aangespoor om gedurigdeur ongeregtigheid te doen; ja, hy het rondgegaan en gerugte en twiste oor die hele aangesig van die land versprei sodat hy die harte mag verhard van die volk teen dit wat goed was en teen dit wat sou kom.
23 En nieteenstaande die tekens en wonders wat onder die volk van die Here verrig is, en die baie wonderwerke wat hulle gedoen het, het Satan groot houvas verkry op die harte van die mense op die hele aangesig van die land.
24 En so het die negentigste jaar van die heerskappy van die regters oor die volk van Nefi geëindig.
25 En so het die boek van Helaman geëindig, volgens die kroniek van Helaman en sy seuns.

15*a* Jes. 5:21.
18*a* Alma 30:12–13.
20*a* GS Oorlewerings.
*b* Ether 12:5–6, 19.
22*a* GS Ydel, Ydelheid.

# DERDE NEFI
# DIE BOEK VAN NEFI

## DIE SEUN VAN NEFI, WAT DIE SEUN WAS VAN HELAMAN

En Helaman was die seun van Helaman, wat die seun was van Alma, wat die seun was van Alma, wat 'n afstammeling was van Nefi wat die seun was van Lehi, wat uit Jerusalem gekom het in die eerste jaar van die heerskappy van Sedekía, die koning van Juda.

### HOOFSTUK 1

*Nefi, die seun van Helaman, vertrek uit die land, en sy seun Nefi hou die kronieke by—Hoewel tekens en wonders oorvloedig is, beplan die bose om die regverdiges te dood—Die nag van Christus se geboorte breek aan—Die teken word gegee, en 'n nuwe ster verskyn—Leuens en bedriëery vermeerder, en die Gadianton-rowers dood baie. Ongeveer 1–4 n.C.*

NOU het dit gebeur dat die een
en negentigste jaar verbygegaan het en dit was [a]seshonderd
jaar vanaf die tyd dat Lehi Jerusalem verlaat het; en dit was in
die jaar dat Lachoneüs die hoofregter was en die goewerneur oor
die land.
2 En Nefi, die seun van Helaman, het vertrek uit die land Zarahemla, en het opdrag gegee aan
sy seun [a]Nefi, wat sy oudste seun was, aangaande die [b]plate van brons, en al die kronieke wat bygehou is, en al daardie dinge wat heilig gehou is, vanaf die vertrek van Lehi uit Jerusalem.
3 Toe het hy vertrek uit die land, en [a]waarheen hy gegaan het, weet geen mens nie; en sy seun Nefi het die kronieke bygehou in sy plek, ja, die kroniek van hierdie volk.
4 En dit het gebeur dat aan die begin van die twee en negentigste jaar, kyk, die profesieë van die profete het begin om meer ten volle vervul te word; want daar het begin om groter tekens en groter wonderwerke verrig te word onder die volk.
5 Maar daar was sommige wat begin het om te sê dat die tyd verby was vir die woorde om vervul te word, wat [a]gespreek is deur Samuel, die Lamaniet.
6 En hulle het hul begin verheug oor hul broers, en gesê: Kyk, die tyd is verby, en die woorde van Samuel is nie vervul nie; daarom, julle vreugde en julle geloof aangaande hierdie ding was ydel.
7 En dit het gebeur dat hulle 'n groot oproer gemaak het dwarsdeur die land; en die mense wat geglo het, het begin om baie bedroef te word, uit vrees dat enige

**1** 1*a* 2 Ne. 25:19.
2*a* GS Nefi, Seun van Nefi, Seun van Helaman.
*b* Alma 37:3–5.
3*a* 3 Ne. 2:9.
5*a* Hel. 14:2–4.

van daardie dinge wat gespreek
is, nie mag gebeur nie.
8 Maar kyk, hulle het standvas-
tig uitgesien na daardie dag en
daardie nag en daardie dag wat
sou wees soos een dag asof daar
geen nag was nie, sodat hulle mag
weet dat hulle geloof nie ydel was
nie.
9 Nou het dit gebeur dat daar
'n dag bepaal is deur die onge-
lowiges, waarop diegene wat ge-
glo het in daardie oorleweringe
[a]doodgemaak sou word tensy die
teken sou plaasvind, wat gegee is
deur Samuel die profeet.
10 Nou het dit gebeur dat toe
Nefi, die seun van Nefi, hierdie
boosheid gesien het van sy volk,
was sy hart uitermate bedroef.
11 En dit het gebeur dat hy uit-
gegaan het en homself neergebuig
het op die aarde, en kragtig ge-
roep het tot sy God ten behoewe
van sy volk, ja, diegene wat op die
punt was om vernietig te word
vanweë hul geloof in die oorle-
wering van hulle vaders.
12 En dit het gebeur dat hy krag-
tig tot die Here geroep het daar-
die [a]hele dag, en kyk, die stem
van die Here het tot hom gekom,
en gesê:
13 Rig op jou hoof en hou goeie
moed; want kyk, die tyd is op
hande, en in hierdie nag sal die te-
ken gegee word, en [a]môre kom Ek
in die wêreld, om te toon aan die
wêreld dat Ek dit alles sal vervul
wat Ek laat [b]spreek het by monde
van my heilige profete.
14 Kyk, Ek [a]kom na my eie, om
alle dinge te [b]vervul wat Ek be-
kend gemaak het aan die kinders
van mense vanaf die [c]grondleg-
ging van die wêreld, en om die
wil te doen, [d]beide van die Vader
en van die Seun—van die Vader
vanweë My, en van die Seun van-
weë my vlees. En kyk, die tyd is
op hande, en hierdie nag sal die
teken gegee word.
15 En dit het gebeur dat die
woorde wat tot Nefi gekom het,
vervul is net soos hulle gespreek
is; want kyk, met die ondergaan
van die son, was daar [a]geen don-
kerte nie; en die volk het begin
om verbaas te wees omdat daar
geen duisternis was toe die nag
gekom het nie.
16 En daar was baie, wat nie die
woorde geglo het van die profete
nie, wat [a]neergeval het op die
aarde en geword het asof hulle
dood was, want hulle het geweet
dat die groot [b]plan van vernieti-
ging wat hulle gesmee het vir die-
gene wat geglo het in die woorde
van die profete, verydel is; want
die teken wat gegee was, was
reeds op hande.
17 En hulle het begin om te weet
dat die Seun van God binnekort

9*a* GS Martelaar, Martelaarskap.
12*a* Enos 1:4; Alma 5:46.
13*a* Lk. 2:10–11.
*b* GS Jesus Christus—Profesieë aangaande die geboorte en dood van Jesus Christus.
14*a* Joh. 1:11.
*b* Matt. 5:17–18.
*c* Alma 42:26.
*d* L&V 93:3–4.
15*a* Hel. 14:3.
16*a* Hel. 14:7.
*b* 3 Ne. 1:9.

moes verskyn; ja, kortom, al die mense op die aangesig van die hele aarde, van die weste tot die ooste, beide in die land noord en in die land suid, was so uitermate verbaas dat hulle neergeval het op die aarde.

18 Want hulle het geweet dat die profete getuig het van hierdie dinge vir baie jare, en dat die teken wat gegee was, reeds op hande was; en hulle het begin om te vrees vanweë hulle ongeregtigheid en hulle ongeloof.

19 En dit het gebeur dat daar geen donkerte was gedurende daardie hele nag nie, maar dit was so lig asof dit middag was. En dit het gebeur dat die son weer opgekom het in die môre, volgens sy aangewese orde; en hulle het geweet dat dit die dag was dat die Here [a]gebore sou word, vanweë die teken wat gegee was.

20 En dit het gebeur, ja, alle dinge, elke gedeelte, volgens die woorde van die profete.

21 En dit het ook gebeur dat ′n nuwe [a]ster verskyn het, volgens die woord.

22 En dit het gebeur dat vanaf hierdie tyd daar begin is om leuens uitgestuur te word onder die volk, deur Satan, om hulle harte te verhard, met die bedoeling dat hulle nie sou glo in daardie tekens en wonders wat hulle gesien het nie; maar nieteenstaande hierdie leuens en bedriërye, het die grootste gedeelte van die volk geglo, en is bekeer tot die Here.

23 En dit het gebeur dat Nefi uitgegaan het onder die volk en ook baie ander, en gedoop het tot bekering, waarin daar ′n groot [a]vergifnis van sondes was. En so het die volk weer begin om vrede te hê in die land.

24 En daar was geen twiste nie, behalwe vir ′n paar wat begin het om te preek, wat gepoog het om te bewys deur die skrifture dat dit nie meer [a]noodsaaklik was om die wet van Moses te onderhou nie. Nou, in hierdie ding het hulle gefouteer, omdat hulle nie die skrifture verstaan het nie.

25 Maar dit het so gebeur dat hulle spoedig tot bekering gekom het, en was oortuig van die dwaling waarin hulle was, want dit is bekend gemaak aan hulle dat die wet nog nie [a]vervul was nie, en dat dit vervul moet word in elke opsig, ja, die woord het tot hulle gekom dat dit vervul moet word; ja, dat nie een jota of tittel sou verbygaan totdat dit alles vervul sou word nie, daarom, in dieselfde jaar is hulle gebring tot ′n kennis van hulle dwaling, en het hulle foute [b]bely.

26 En so het die twee en negentigste jaar verbygegaan, wat blye tydings gebring het aan die volk vanweë die tekens wat gebeur het, volgens die woorde van die profesie van al die heilige profete.

19*a* Lk. 2:1–7.
21*a* Matt. 2:1–2; Hel. 14:5.
23*a* GS Vergifnis van Sondes.
24*a* Alma 34:13.
25*a* Matt. 5:17–18.
*b* Mosia 26:29.

27 En dit het gebeur dat die drie
en negentigste jaar ook verbyge-
gaan het in vrede, behalwe vir die
[a]Gadianton-rowers, wat in die
berge gewoon het, wat die land
vervuil het; want so sterk was
hulle vestings en hulle geheime
plekke dat die volk hulle nie kon
oorrompel nie; daarom het hulle
baie moorde gepleeg, en het baie
slagting onder die volk aangerig.
28 En dit het gebeur dat in die
vier en negentigste jaar het hulle
begin om te vermeerder in ′n
groot mate, omdat daar baie af-
valliges was van die Nefiete wat
na hulle gevlug het, wat groot
droefheid veroorsaak het vir
daardie Nefiete wat oorgebly het
in die land.
29 En daar was ook ′n rede tot
veel droefheid onder die Lama-
niete; want kyk, hulle het baie kin-
ders gehad wat groot geword en
begin het om toe te neem in jare,
dat hulle onafhanklik geword
het, en weggelei is deur sommi-
ges wat [a]Zoramiete was, deur
hulle leuens en hulle vleiende
woorde, om aan te sluit by daar-
die Gadianton-rowers.
30 En so is die Lamaniete ook
gekwel, en het begin om te kwyn
in hul geloof en regverdigheid,
vanweë die boosheid van die op-
komende geslag.

## HOOFSTUK 2

*Boosheid en gruwels vermeerder onder die volk—Die Nefiete en Lamaniete verenig om hulleself teen die Gadianton-rowers te verdedig—Bekeerde Lamaniete word wit en word Nefiete genoem. Ongeveer 5–16 n.C.*

En dit het gebeur dat die vyf en
negentigste jaar ook so verbyge-
gaan het, en die volk het begin
om daardie tekens en wonders te
vergeet wat hulle gehoor het, en
het begin om minder en minder
verbaas te word oor ′n teken of ′n
wonder van die hemel, in soverre
dat hulle begin het om verhard te
word in hulle harte, en blind in
hulle verstand, en het begin om
alles wat hulle gehoor en gesien
het te wantrou—
2 Terwyl hulle hul ′n soort
ydele ding begin verbeel het in
hul harte, dat dit verrig is deur
die mens en deur die mag van
die duiwel, om die harte van die
volk weg te lei en te [a]bedrieg; en
so het Satan weer besit gekry van
die harte van die volk, in soverre
dat hy hulle oë verblind het en
hulle weggelei het om te glo dat
die leer van Christus ′n dwase en
′n ydele ding was.
3 En dit het gebeur dat die volk
sterk begin word het in boos-
heid en gruwels; en hulle het
nie geglo dat daar nog enige
tekens en wonders gegee sou
word nie; en Satan het [a]rondge-
gaan, en die harte van die volk
weggelei, en hulle versoek en

27*a* GS Gadianton-rowers.
29*a* Alma 30:59.
**2** 2*a* GS Bedrog, Bedrieg, Bedrieër.
3*a* L&V 10:27.

groot gruwels laat doen in die
land.
4 En so het die ses en negentig-
ste jaar verbygegaan; en ook die
sewe en negentigste jaar; en ook
die agt en negentigste jaar; en ook
die nege en negentigste jaar;
5 En ook ′n honderd jaar het ver-
bygegaan vanaf die dae van [a]Mo-
sia, wat koning was oor die volk
van die Nefiete.
6 En seshonderd en nege jaar het
verbygegaan vandat Lehi Jerusa-
lem verlaat het.
7 En nege jaar het verbygegaan
vanaf die tyd toe die teken gegee
is, waarvan deur die profete ge-
spreek is, dat Christus sou kom
in die wêreld.
8 Nou het die Nefiete begin
om hul tyd te reken vanaf hier-
die tydperk toe die teken gegee
is, of vanaf die koms van Chris-
tus; daarom, nege jaar het verby-
gegaan.
9 En Nefi, wat die vader was van
Nefi, wat die verantwoordelik-
heid gehad het vir die kronieke,
[a]het nie teruggekeer na die land
Zarahemla nie, en kon nêrens ge-
vind word in die hele land nie.
10 En dit het gebeur dat die volk
steeds volgehou het in boosheid,
nieteenstaande die baie prediking
en profetering wat onder hulle
gestuur is; en so het die tiende
jaar ook verbygegaan; en die elfde
jaar het ook verbygegaan in onge-
regtigheid.
11 En dit het gebeur in die der-
tiende jaar het daar oorloë en
twiste begin ontstaan dwars-
deur die hele land; want die
Gadianton-rowers het so talryk
geword, en het so baie van die
mense doodgemaak, en het so-
veel stede vernietig, en het soveel
dood en slagting versprei dwars-
deur die land, dat dit noodsaak-
lik geword het dat al die mense,
beide die Nefiete en die Lama-
niete, wapens moes opneem teen
hulle.
12 Daarom, al die Lamaniete
wat tot die Here bekeer het, het
met hulle broers, die Nefiete, ver-
enig en is genoodsaak, ter wille
van die veiligheid van hulle le-
wens en hul vroue en hul kinders,
om wapens op te neem teen daar-
die Gadianton-rowers, ja, en ook
om hulle regte te handhaaf, en die
voorregte van hulle kerk en van
hulle aanbidding, en hulle [a]vry-
heid en hulle [b]onafhanklikheid.
13 En dit het gebeur dat voor-
dat hierdie dertiende jaar verby-
gegaan het, is die Nefiete bedreig
deur algehele vernietiging van-
weë hierdie oorlog, wat uitermate
smartlik geword het.
14 En dit het gebeur dat daardie
Lamaniete wat verenig het met
die Nefiete, gereken is onder die
Nefiete;
15 En hulle [a]vloek is weggeneem
van hulle, en hulle vel het [b]wit ge-
word soos die Nefiete;

5*a* Mosia 29:46–47.
9*a* 3 Ne. 1:2–3.
12*a* GS Vry, Vryheid.
*b* GS Vry, Vryheid.
15*a* Alma 17:15; 23:18.
*b* 2 Ne. 5:21; 30:6; Jakob 3:8.

16 En hulle jong manne en hulle dogters het uitermate mooi geword, en hulle is onder die Nefiete gereken, en is Nefiete genoem. En so het die dertiende jaar geëindig.

17 En dit het gebeur aan die begin van die veertiende jaar, het die oorlog tussen die rowers en die volk van Nefi voortgeduur en het uitermate smartlik geword; nogtans, die volk van Nefi het 'n mate van voordeel oor die rowers behaal, in soverre dat hulle hul teruggedryf het uit hulle lande, in die berge en in hulle geheime plekke in.

18 En so het die veertiende jaar geëindig. En in die vyftiende jaar het hulle uitgekom teen die volk van Nefi; en vanweë die boosheid van die volk van Nefi, en hulle baie twiste en onenighede, het die Gadianton-rowers baie voordele oor hulle behaal.

19 En so het die vyftiende jaar geëindig, en so was die volk in 'n toestand van baie verdrukkinge; en die [a]swaard van vernietiging het oor hulle gehang, in soverre dat hulle op die punt was om neergevel te word daardeur, en dit vanweë hulle ongeregtigheid.

## HOOFSTUK 3

*Giddianhi, die Gadiantonse leier, eis dat Lachoneüs en die Nefiete hulleself en hul lande oorgee—Lachoneüs stel Gidgiddoni aan as hoofkaptein van die leërs—Die Nefiete vergader in Zarahemla en Oorvloed om hulself te verdedig. Ongeveer 16–18 n.C.*

En nou het dit gebeur dat in die sestiende jaar vanaf die koms van Christus, het Lachoneüs die goewerneur van die land, 'n brief ontvang van die leier en die goewerneur van hierdie bende van rowers; en hierdie is die woorde wat geskrywe was, wat sê:

2 Lachoneüs, hoogedele en hoofgoewerneur van die land, kyk, ek skryf hierdie brief aan u en gee aan u uitermate groot lof vanweë u standvastigheid, en ook die standvastigheid van u volk, in die handhawing van dit wat julle veronderstel julle reg en vryheid te wees; ja, julle staan goed, asof julle gesteun is deur die hand van 'n god, in die verdediging van julle vryheid, en julle eiendom, en julle land, of dit wat julle so noem.

3 En dit blyk vir my 'n jammerte te wees, hoogedele Lachoneüs, dat u so dwaas en ydel sou wees om te veronderstel dat julle kan staan teen soveel dapper manne wat onder my bevel is, wat nou op hierdie oomblik onder die wapen staan en wag met groot gretigheid vir die woord—Gaan af op die Nefiete en vernietig hulle.

4 En ek, omdat ek weet van hulle onoorwinlike gees, omdat ek hulle beproef het op die slagveld, en omdat ek weet van hulle ewigdurende haat teenoor julle

19*a* Alma 60:29.

vanweë die baie onregte wat julle aan hulle gedoen het, daarom, as hulle sou afkom teen julle, sal hulle julle besoek met algehele vernietiging.

5 Daarom het ek hierdie brief geskrywe, en dit verseël met my eie hand, omdat ek begaan is oor julle welsyn, vanweë julle standvastigheid in dit wat julle glo is reg, en julle edele gees op die slagveld.

6 Daarom skryf ek aan jou, en verlang dat julle sal oorgee aan hierdie, my volk, jul stede, jul lande, en jul besittings, eerder as dat hulle julle sou besoek met die swaard en dat vernietiging oor julle sou kom.

7 Of, met ander woorde, gee julleself oor aan ons, en verenig met ons, en word vertroud met ons [a]geheime werke, en word ons broers, sodat julle soos ons mag wees—nie ons slawe nie, maar ons broers en deelgenote van al ons besittings.

8 En kyk, ek [a]sweer vir jou, as jy dit sal doen, met ′n eed, sal julle nie vernietig word nie; maar as jy dit nie sal doen nie, sweer ek vir jou met ′n eed, dat ek volgende maand sal beveel dat my leërs sal afkom teen julle en hulle sal nie hul hand terughou nie en sal nie spaar nie, maar sal julle doodmaak, en sal die swaard laat val op julle totdat julle uitgewis sal word.

9 En kyk, ek is Giddianhi; en ek is die goewerneur van hierdie, die [a]geheime organisasie van Gadianton; welke organisasie en die werke daarvan ek weet [b]goed is; en hulle is van die [c]voortyd en hulle is oorgelewer aan ons.

10 En ek skryf hierdie brief aan jou, Lachoneüs, en ek hoop dat julle jul lande en julle besittings sal oorgee sonder die vergieting van bloed, dat hierdie, my volk, hulle regte en regering mag terugwin, wat afvallig geword het van julle vanweë julle boosheid om van hulle hul regte tot regering terug te hou, en tensy julle dit doen, sal ek hulle onregte wreek. Ek is Giddianhi.

11 En nou het dit gebeur toe Lachoneüs hierdie brief ontvang het, was hy uitermate verbaas vanweë die voorbarigheid van Giddianhi om die besitneming van die land van die Nefiete te eis, en ook om die volk te dreig en om die onregte te wreek van diegene wat geen onreg ontvang het nie, behalwe dat hulle hulself [a]veronreg het deur oor te loop na daardie goddelose en gruwelike rowers.

12 Nou kyk, hierdie Lachoneüs, die goewerneur, was ′n regverdige man, en kon nie bang gemaak word deur die eise en dreigemente van ′n [a]rower nie; daarom het hy nie ag geslaan op

**3** 7*a* Hel. 6:22–26.
8*a* Ether 8:13–14.
9*a* GS Geheime Organisasies.
*b* Alma 30:53.
*c* Hel. 6:26–30; Moses 5:29, 49–52.
11*a* Hel. 14:30.
12*a* Alma 54:5–11; 3 Ne. 4:7–10.

die brief van Giddianhi, die goe-
werneur van die rowers nie, maar
hy het sy volk tot die Here laat
roep om krag vir die tyd wanneer
die rowers sou afkom teen hulle.
13 Ja, hy het ′n aankondiging
onder die hele volk gestuur dat
hulle hul vroue bymekaar moes
maak, en hulle kinders, hulle
grootvee en hulle kleinvee, en al
hulle besittings, behalwe hulle
land, op een plek.
14 En hy het versterkings laat
oprig rondom hulle, en die sterkte
daarvan moes uitermate groot
wees. En hy het veroorsaak dat
die leërs, beide van die Nefiete en
van die Lamaniete, of van hulle
almal wat onder die Nefiete ge-
reken is, as wagte geplaas moes
word rondomheen, om hulle dop
te hou, en hulle te beveilig teen
die rowers dag en nag.
15 Ja, hy het aan hulle gesê: So-
waar as die Here leef, tensy julle
bekeer van al julle ongeregtig-
hede, en roep tot die Here, sal
julle geensins verlos word uit die
hande van daardie Gadianton-
rowers nie.
16 En só groot en wonderbaar-
lik was die woorde en profesieë
van Lachoneüs dat hulle vrees
laat kom het oor die hele volk; en
hulle het hulself ingespan met hul
mag om te handel ooreenkomstig
die woorde van Lachoneüs.
17 En dit het gebeur dat Lacho-
neüs hoofkapteins aangestel het
oor al die leërs van die Nefiete,
om hulle aan te voer op die tyd-
stip wanneer die rowers sou af-
kom uit die wildernis teen hulle.
18 Nou, die vernaamste onder al
die hoofkapteins en die opperbe-
velvoerder oor al die leërs van die
Nefiete is aangestel, en sy naam
was [a]Gidgiddoni.
19 Nou, dit was die gebruik on-
der al die Nefiete om as hulle
hoofkapteins aan te stel, (behalwe
in hulle tye van boosheid) iemand
wat die gees van openbaring ge-
had het en ook [a]profesie; daarom,
hierdie Gidgiddoni was ′n groot
profeet onder hulle, so ook was
die hoofregter.
20 Nou, die volk het aan Gid-
giddoni gesê: Bid tot die Here, en
laat ons optrek na die berge en die
wildernis in, dat ons die rowers
kan aanval en hulle vernietig in
hul eie lande.
21 Maar Gidgiddoni het aan
hulle gesê: Die Here [a]verbied;
want as ons sou optrek teen hulle
sal die Here ons [b]uitlewer in hulle
hande; daarom, ons sal onsself
voorberei in die middel van ons
lande, en ons sal al ons leërs by-
mekaarmaak, en ons sal nie teen
hulle optrek nie, maar ons sal wag
totdat hulle teen ons sal optrek;
daarom, sowaar as die Here leef,
as ons dít doen sal Hy hulle in ons
hande uitlewer.
22 En dit het gebeur in die se-
wentiende jaar, teen die laaste
gedeelte van die jaar, het die
aankondiging van Lachoneüs

18*a* 3 Ne. 6:6.
19*a* GS Profesie, Profeteer.
21*a* Alma 48:14.
*b* 1 Sam. 14:12.

uitgegaan oor die aangesig van die hele land, en hulle het hul perde geneem, en hul waens, en hul diere, en al hulle kleinvee, en hulle grootvee, en hulle graan, en al hulle besittings, en het uitgemarsjeer in duisende en in tienduisende, totdat hulle almal uitgegaan het na die plek wat bepaal was waar hulle hul moes bymekaarmaak, om hulleself te verdedig teen hulle vyande.

23 En die land wat aangewys is, was die land Zarahemla, en die land wat tussen die land Zarahemla en die land Oorvloed was, ja, tot aan die grens wat tussen die land Oorvloed en die land Verlatenheid was.

24 En daar was baie duisende mense wat Nefiete genoem is, wat hulleself bymekaargemaak het in hierdie land. Nou, Lachoneüs het hulle laat bymekaarkom in die land suidwaarts, vanweë die groot vloek wat oor die [a]land noordwaarts was.

25 En hulle het hulself versterk teen hul vyande; en hulle het gewoon in een land, en in een groep, en hulle het die woorde wat deur Lachoneüs gespreek is gevrees, in soverre dat hulle bekeer het van al hulle sondes; en hulle het hul gebede laat opgaan na die Here hulle God, dat Hy hulle sou [a]verlos in die tyd wat hulle vyande sou afkom teen hulle in die stryd.

26 En hulle was uitermate bedroef vanweë hulle vyande. En Gidgiddoni het hulle [a]wapens van oorlog van elke soort laat maak, en hulle moes sterk wees met wapenrusting, en met skilde, en met beukelaars, volgens die wyse van sy opdrag.

## HOOFSTUK 4

*Die Nefitiese leërs verslaan die Gadianton-rowers—Giddianhi word gedood, en sy opvolger, Zemnariha, word gehang—Die Nefiete loof die Here vir hulle oorwinnings. Ongeveer 19–22 n.C.*

En dit het gebeur dat in die laaste gedeelte van die agtiende jaar het daardie leërs van rowers hul voorberei vir die stryd, en het begin om af te kom en om skielik uit die heuwels te kom, en uit die berge, en die wildernis, en hulle vestings, en hulle geheime plekke, en het begin om besit te neem van die lande, beide wat in die land suid en wat in die land noord was, en het begin om besit te neem van al die lande wat [a]verlaat is deur die Nefiete, en die stede wat verlate gelaat is.

2 Maar kyk, daar was geen wilde diere nóg wild in daardie lande wat verlaat is deur die Nefiete, en daar was geen wild vir die rowers nie, behalwe in die wildernis.

3 En die rowers kon nie bestaan nie, behalwe in die wildernis weens gebrek aan voedsel; want die Nefiete het hulle lande verlate

24*a* Alma 22:31.
25*a* GS Vertrou.
26*a* 2 Ne. 5:14.
**4** 1*a* 3 Ne. 3:13–14, 22.

gelaat, en het hul kleinvee en hul grootvee en al hul besittings bymekaargemaak, en hulle was in een groep.
4 Daarom, daar was geen kans vir die rowers om te plunder en om voedsel te bekom nie, behalwe om openlik op te kom in die stryd teen die Nefiete; en die Nefiete wat in een groep was, en omdat hulle so ′n groot getal gehad het, en vir hulself voorrade opgegaar het, en perde en beeste, en kleinvee van alle soorte, sodat hulle mag bestaan vir ′n tydperk van sewe jaar, in welke tyd hulle gehoop het om die rowers te vernietig vanaf die aangesig van die land; en so het die agtiende jaar verbygegaan.
5 En dit het gebeur dat in die negentiende jaar het Giddianhi gevind dat dit noodsaaklik was dat hy moes optrek in die stryd teen die Nefiete, want daar was geen manier dat hulle kon bestaan nie, behalwe deur te plunder en te roof en te moor.
6 En hulle het nie gedurf om hulle te versprei oor die aangesig van die land, in soverre dat hulle graan kon kweek nie, uit vrees dat die Nefiete op hulle sou afkom en hulle doodmaak; daarom het Giddianhi aan sy leërs bevel gegee dat hulle in hierdie jaar moes optrek in die stryd teen die Nefiete.
7 En dit het gebeur dat hulle opgekom het in die stryd; en dit was in die sesde maand; en kyk, groot en vreeslik was die dag toe hulle opgekom het in die stryd; en hulle was omgord volgens die wyse van rowers; en hulle het ′n lamsvel om hulle lendene gedra, en hulle was gekleur met bloed, en hulle koppe was geskeer, en hulle het helms op hulle gehad; en groot en vreeslik was die voorkoms van die leërs van Giddianhi, vanweë hul wapenrusting en omdat hulle gekleur was met bloed.
8 En dit het gebeur dat die leërs van die Nefiete, toe hulle die voorkoms van Giddianhi se leërs sien, het hulle almal neergeval op die aarde, en hulle gepleit laat opgaan na die Here hulle God, dat Hy hulle sou spaar en hulle verlos uit die hande van hulle vyande.
9 En dit het gebeur dat toe die leërs van Giddianhi dit sien, het hulle begin roep met ′n harde stem, vanweë hulle vreugde, want hulle het veronderstel dat die Nefiete neergeval het uit vrees, vanweë die verskrikking van hulle leërs.
10 Maar in hierdie ding was hulle teleurgestel, want die Nefiete het hulle nie gevrees nie; maar hulle het hul God [a]gevrees en het Hom gesmeek om beskerming; daarom, toe die leërs van Giddianhi op hulle afstorm, was hulle voorbereid om hulle te ontmoet; ja, in die sterkte van die Here het hulle hul ontvang.
11 En die stryd het ′n aanvang geneem in hierdie die sesde maand; en groot en vreeslik was

10*a* GS Vrees.

die stryd daarvan, ja, groot en vreeslik was die slagting daarvan, in soverre dat daar nooit so ʼn groot slagting onder al die volk van Lehi bekend was vandat hy Jerusalem verlaat het nie.
12 En nieteenstaande die [a]dreigemente en die ede wat Giddianhi gemaak het, kyk, die Nefiete het hulle oorwin, in soverre dat hulle teruggeval het van voor hulle.
13 En dit het gebeur dat [a]Gidgiddoni bevel gegee het dat sy leërs hulle moes agternasit so ver as die grense van die wildernis, en dat hulle niemand moes spaar wat in hulle hande sou val langs die pad nie; en so het hulle hul agternagesit en gedood, tot by die grense van die wildernis, en wel totdat hulle die bevel uitgevoer het van Gidgiddoni.
14 En dit het gebeur dat Giddianhi, wat gestaan en veg het met onverskrokkenheid, is agternagesit terwyl hy vlug; en omdat hy afgemat was weens sy vele gevegte, is hy ingehaal en doodgemaak. En so was die einde van Giddianhi die rower.
15 En dit het gebeur dat die leërs van die Nefiete weer teruggetrek het na hulle plek van veiligheid. En dit het gebeur dat hierdie negentiende jaar verbygegaan het, en die rowers het nie weer gekom om te veg nie; nóg het hulle weer gekom in die twintigste jaar.
16 En in die een en twintigste jaar het hulle nie tot die stryd opgekom nie, maar hulle het opgekom van alle kante om die volk van Nefi rondom te beleër; want hulle het veronderstel dat as hulle die volk van Nefi sou afsny van hulle lande, en hulle sou inperk aan elke kant, en as hulle hul sou afsny van al hulle buite aktiwiteite, dat hulle hulself kon laat oorgee volgens hulle wense.
17 Nou het hulle vir hulself ʼn ander leier aangestel, wie se naam Zemnariha was; daarom was dit Zemnariha wat hierdie beleg laat plaasvind het.
18 Maar kyk, dit was ʼn voordeel vir die Nefiete; want dit was onmoontlik vir die rowers om die beleg lank genoeg vol te hou om enige uitwerking te hê op die Nefiete, vanweë hul baie voorrade wat hulle opgeberg het,
19 En vanweë die skaarsheid aan voorrade onder die rowers; want kyk, hulle het niks gehad nie behalwe vleis vir hulle bestaan, welke vleis hulle bekom het in die wildernis;
20 En dit het gebeur dat die [a]wild skaars begin word het in die wildernis, in soverre dat die rowers op die punt was om om te kom van honger.
21 En die Nefiete het aanhoudend bedags en snags gemarsjeer, en hulle leërs aangeval, en hulle gedood by duisende en by tienduisende.
22 En so het dit die begeerte geword van die volk van Zemnariha om te onttrek van hulle voorneme, vanweë die groot

12*a* 3 Ne. 3:1–10.
13*a* 3 Ne. 3:18.
20*a* 1 Ne. 18:25.

vernietiging wat bedags en snags
oor hulle gekom het.
23 En dit het gebeur dat Zemna-
riha bevel gegee het aan sy volk
dat hulle hulself moes onttrek van
die beleg, en na die verste dele
van die land noordwaarts mar-
sjeer.
24 En nou, Gidgiddoni omdat
hy bewus was van hulle voor-
neme, en omdat hy geweet het
van hulle swakheid vanweë die
gebrek aan voedsel, en die groot
slagting wat gemaak is onder
hulle, daarom het hy sy leërs uit-
gestuur gedurende die nag, en het
die weg van hulle terugtog afge-
sny, en het sy leërs in die weg van
hulle terugtog geplaas.
25 En dit het hulle gedoen ge-
durende die nag, en het op hulle
opmars verby die rowers gegaan,
sodat die volgende dag, toe die
rowers hulle opmars begin het, is
hulle ontmoet deur die leërs van
die Nefiete beide op hulle front
en op hulle agterhoede.
26 En die rowers wat aan die
suide was, is ook afgesny in hulle
plekke van terugtog. En al hier-
die dinge is gedoen op bevel van
Gidgiddoni.
27 En daar was baie duisende
wat hulle oorgegee het as gevan-
genes aan die Nefiete, en die res
van hulle is gedood.
28 En hulle leier, Zemnariha,
is geneem en opgehang aan 'n
boom, ja, en wel aan die top daar-
van totdat hy dood was. En toe
hulle hom gehang het totdat hy
dood was, het hulle die boom
neergevel tot teen die aarde, en
het uitgeroep met 'n luide stem,
en gesê:
29 Mag die Here sy volk bewaar
in regverdigheid en in heiligheid
van hart, dat hulle neergevel mag
word tot op die aarde almal wat
sal soek om hulle te dood van-
weë mag en geheime organisa-
sies, net soos hierdie man tot die
grond neergevel is.
30 En hulle het gejubel en weer
uitgeroep met een stem, en gesê:
Mag die [a]God van Abraham, en
die God van Isak, en die God
van Jakob, hierdie volk beskerm
in regverdigheid, solank as hulle
die Naam van hulle God vir be-
skerming sal [b]aanroep.
31 En dit het gebeur dat hulle al-
mal saam begin sing het, en hulle
God [a]geloof het vir die groot ding
wat Hy vir hulle gedoen het, deur
hulle te bewaar om in die hande
van hulle vyande te val.
32 Ja, hulle het uitgeroep: [a]Ho-
sanna aan die Allerhoogste God.
En hulle het uitgeroep: Prys die
Naam van die Here God [b]Almag-
tig, die Allerhoogste God.
33 En hulle harte het uitgeswel
van vreugde, tot die uitstorting
van vele trane, vanweë die groot
goedheid van God om hulle te
verlos uit die hande van hulle vy-
ande; en hulle het geweet dit was

30 *a* Alma 29:11.
*b* Ether 4:15.
31 *a* Alma 26:8.
GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
32 *a* GS Hosanna.
*b* 1 Ne. 1:14.
GS God, Godheid.

vanweë hulle bekering en hulle
ootmoed dat hulle verlos was van
ʼn ewigdurende vernietiging.

## HOOFSTUK 5

*Die Nefiete bekeer en versaak hulle sondes—Mormon skryf die geskiedenis van sy volk en verkondig die ewigdurende woord aan hulle—Israel sal versamel word van haar lang verstrooiing. Ongeveer 22–26 n.C.*

En nou kyk, daar was nie ʼn le-
wende siel onder die hele volk
van die Nefiete wat in die minste
die woorde van al die heilige pro-
fete wat gespreek is, betwyfel het
nie; want hulle het geweet dat dit
noodsaaklik was dat hulle vervul
moes word.
2 En hulle het geweet dat dit
noodsaaklik was dat Christus
gekom het, vanweë die baie te-
kens wat gegee was, volgens die
woorde van die profete; en van-
weë die dinge wat alreeds ge-
beur het, het hulle geweet dat dit
noodsaaklik was dat alle dinge
moes gebeur volgens dit wat ge-
spreek was.
3 Daarom het hulle al hul son-
des versaak, en hulle gruwels, en
hulle hoererye, en het God gedien
met alle ywer dag en nag.
4 En nou het dit gebeur dat toe
hulle al die rowers gevange ge-
neem het, in soverre dat nie een
ontsnap het wat nie gedood was
nie, het hulle hul gevangenes in
die gevangenis gewerp, en het die
woord van God laat preek aan
hulle; en soveel as wat wou be-
keer van hulle sondes en ʼn ver-
bond gesluit het dat hulle nie
meer sal moor nie, is [a]vrygelaat.
5 Maar soveel as wat daar was
wat nie ʼn verbond gesluit het nie,
en wat steeds aangehou het om
daardie geheime moorde in hulle
harte te hê, ja, soveel as wat ge-
vind is wat dreigemente uitge-
blaas het teenoor hulle broers, is
veroordeel en gestraf volgens die
wet.
6 En so het hulle ʼn einde ge-
maak aan al daardie goddelose,
en geheime, en gruwelike or-
ganisasies, waarin daar soveel
boosheid was, en soveel moorde
gepleeg is.
7 En so het die [a]twee en twintig-
ste jaar verbygegaan, en die drie
en twintigste jaar ook, en die vier
en twintigste; en die vyf en twin-
tigste; en so het vyf en twintig jaar
verbygegaan.
8 En daar het baie dinge ge-
beur wat, in die oë van sommi-
ges, groot en wonderbaarlik sou
wees; nogtans, hulle kan nie al-
mal geskrywe word in hierdie
boek nie; ja, hierdie boek kan nie
eers ʼn [a]honderdste deel bevat
van wat gedoen is onder so baie
mense in die tydperk van vyf en
twintig jaar nie;
9 Maar kyk, daar is [a]kronieke
wat al die handelinge van hier-
die volk bevat; en ʼn korter maar
juiste kroniek is gegee deur Nefi.

**5** 4*a* GS Vry, Vryheid.
7*a* 3 Ne. 2:8.
8*a* 3 Ne. 26:6–12.
9*a* Hel. 3:13–15.

10 Daarom het ek my kroniek gemaak van hierdie dinge volgens die kroniek van Nefi, wat gegraveer is op die plate wat genoem is die plate van Nefi.

11 En kyk, ek maak die kroniek op plate wat ek gemaak het met my eie hande.

12 En kyk, ek word [a]Mormon genoem, omdat ek vernoem is na die [b]land Mormon, die land waarin Alma die kerk gestig het onder die volk, ja, die eerste kerk wat gestig is onder hulle ná hulle oortreding.

13 Kyk, ek is ′n dissipel van Jesus Christus, die Seun van God. Ek is geroep deur Hom om sy woord te verkondig onder sy volk, sodat hulle die ewigdurende lewe mag hê.

14 En dit het raadsaam geword dat ek, volgens die wil van God, sodat die gebede van diegene wat heengegaan het, wat die heiliges was, vervul moes word volgens hulle geloof, ′n [a]kroniek moes maak van hierdie dinge wat gedoen is—

15 Ja, ′n klein kroniek van dit wat plaasgevind het vanaf die tyd dat Lehi Jerusalem verlaat het, en wel tot die huidige tyd.

16 Daarom maak ek my kroniek van die verslae wat gegee is deur diegene wat voor my was, tot by die aanvang van my dag;

17 En dan maak ek ′n [a]kroniek van die dinge wat ek gesien het met my eie oë.

18 En ek weet dat die kroniek wat ek maak, ′n getroue en ′n juiste kroniek is; nogtans, daar is baie dinge wat, vanweë ons taal, ons nie in staat is om te [a]skryf nie.

19 En nou maak ek ′n einde aan my woorde, wat van myself is, en gaan voort om my kroniek te gee van die dinge wat voor my was.

20 Ek is Mormon, en ′n direkte afstammeling van Lehi. Ek het rede om my God en my Saligmaker Jesus Christus te loof, omdat Hy ons vaders gebring het uit die land Jerusalem, (en [a]geeneen het dit geweet nie, behalwe Hyself en diegene wat Hy gebring het uit daardie land) en omdat Hy my en my volk soveel kennis gegee het tot die heil van ons siele.

21 Waarlik Hy het die [a]huis van [b]Jakob geseën, en was [c]barmhartig teenoor die saad van Josef.

22 En [a]in soverre die kinders van Lehi sy gebooie onderhou het, het Hy hulle geseën en hulle voorspoedig gemaak volgens sy woord.

23 Ja, en waarlik sal Hy weer ′n [a]oorblyfsel van die saad van Josef bring tot die [b]kennis van die Here hulle God.

24 En sowaar as die Here leef, sal Hy [a]versamel vanaf die vier hoeke van die aarde die hele oorblyfsel van die saad van Jakob,

12*a* Morm. 1:1–5.
*b* Mosia 18:4; Alma 5:3.
14*a* Enos 1:13–18; L&V 3:19–20.
17*a* Morm. 1:1.
18*a* Ether 12:25.
20*a* 1 Ne. 4:36.
21*a* GS Israel.
*b* Gén. 32:28.
*c* Deut. 33:13–17.
22*a* 2 Ne. 1:20.
23*a* Alma 46:24.
*b* 2 Ne. 3:12.
24*a* GS Israel—Die versameling van Israel.

wat ver en naby verstrooi is oor die hele aangesig van die aarde.

25 En aangesien Hy ’n verbond gesluit het met die hele huis van Jakob, daarom sal die verbond wat Hy gesluit het met die huis van Jakob vervul word in sy eie bepaalde tyd, tot die [a]herstelling van die hele huis van Jakob tot die kennis van die verbond wat Hy met hulle gesluit het.

26 En dan sal hulle hul Verlosser [a]ken, wat Jesus Christus is, die Seun van God; en dan sal hulle versamel word van die vier hoeke van die aarde na hulle eie lande, vanwaar hulle verstrooi was; ja, sowaar as die Here leef, so sal dit wees. Amen.

## HOOFSTUK 6

*Die Nefiete is voorspoedig—Hoogmoed, rykdom en klasse-onderskeid ontstaan—Die Kerk word verdeel deur onenighede—Satan lei die volk in openlike rebellie—Baie profete roep bekering uit en word gedood—Hulle moordenaars sweer saam om die regering oor te neem. Ongeveer 26–30 n.C.*

En nou het dit gebeur dat die volk van die Nefiete almal teruggekeer het na hulle eie lande in die ses en twintigste jaar, elke man, met sy gesin, sy kleinvee en sy grootvee, sy perde en sy beeste, en alle dinge wat ook al aan hulle behoort het.

2 En dit het gebeur dat hulle nie al hulle voorrade opgeëet het nie; daarom het hulle alles met hulle saamgeneem wat hulle nie verorber het nie, van al hulle graan van elke soort, en hulle goud, en hulle silwer, en al hulle kosbare dinge, en hulle het teruggekeer na hulle eie lande en hulle besittings, beide in die noorde en in die suide, beide na die land noordwaarts en na die land suidwaarts.

3 En hulle het aan daardie rowers wat ’n verbond gesluit het om die vrede van die land te bewaar, wat begerig was om Lamaniete te bly, lande gegee volgens hulle getalle, sodat hulle mag hê, met hulle arbeid, om van te lewe; en so het hulle vrede gevestig in die hele land.

4 En hulle het weer begin om voorspoedig te wees en om magtig te word; en die ses en sewe en twintigste jaar het verbygegaan, en daar was groot eenheid in die land; en hulle het hul wette gevorm volgens billikheid en geregtigheid.

5 En nou was daar niks in die hele land om die volk te verhoed om voortdurend voorspoedig te wees nie, tensy hulle sou verval in oortreding.

6 En nou was dit Gidgiddoni, en die regter, Lachoneüs, en diegene wat aangestel was as leiers, wat hierdie groot vrede gevestig het in die land.

7 En dit het gebeur dat daar baie stede was wat opnuut gebou is, en daar was baie ou stede wat herstel is.

25*a* 3 Ne. 16:5.
26*a* 2 Ne. 30:5–8; 3 Ne. 20:29–34.

8 En daar was baie hoofweë gebou, en baie paaie gemaak, wat gelei het van stad tot stad, en van land tot land, en van plek tot plek.
9 En so het die agt en twintigste jaar verbygegaan, en die volk het voortdurende vrede gehad.
10 Maar dit het gebeur in die nege en twintigste jaar het daar begin om sekere twiste te wees onder die volk; en sommiges is opgehef tot [a]hoogmoed en grootpratery vanweë hulle uitermate groot rykdomme, ja, tot groot vervolging.
11 Want daar was baie handelaars in die land, en ook baie regsgeleerdes en baie amptenare.
12 En die volk het begin om onderskei te word deur klasse, volgens hulle [a]rykdomme en hulle kanse op geleerdheid; ja, sommiges was onkundig vanweë hulle armoede, en ander het groot geleerdheid bekom vanweë hulle rykdomme.
13 Sommiges is opgehef tot hoogmoed, en ander was uitermate nederig; sommiges het skeltaal met skeltaal beantwoord, terwyl andere skeltaal en [a]vervolging sou verduur en allerlei verdrukkinge, en wou nie omdraai en weer [b]beledig nie, maar was nederig en berouvol voor God.
14 En so het daar ʼn groot ongelykheid gekom in die hele land, in soverre dat die kerk begin het om te verbrokkel; ja, in soverre dat in die dertigste jaar die kerk verbrokkel het in die hele land behalwe onder ʼn paar van die Lamaniete wat bekeer was tot die ware geloof; en hulle wou nie daarvan afwyk nie, want hulle was ferm, en standvastig, en onbeweeglik, gewillig met alle [a]ywer om die gebooie te onderhou van die Here.
15 Nou die oorsaak van hierdie ongeregtigheid van die volk was dit—Satan het groot mag gehad, tot die aansporing van die volk om allerlei ongeregtighede te doen, en om hulle op te blaas met hoogmoed, en om hulle te verlei om te soek na mag, en gesag, en rykdom, en die ydele dinge van die wêreld.
16 En so het Satan die harte van die volk weggelei om allerlei ongeregtighede te doen; daarom het hulle slegs ʼn paar jaar vrede geniet.
17 En so, aan die begin van die dertigste jaar—nadat die volk oorgelewer was vir ʼn lang tydperk om rondgelei te word deur die [a]versoekinge van die duiwel, waarheen ook al hy begeer het om hulle te neem, en om welke ongeregtigheid hy begeer het dat hulle moes doen, te doen—en so, aan die begin van hierdie, die dertigste jaar, was hulle in ʼn toestand van verskriklike boosheid.
18 Nou, hulle het nie uit [a]onkunde gesondig nie, want hulle het die wil van God geken

**6** 10*a* GS Hoogmoed.
12*a* 1 Tim. 6:17–19; Hel. 4:12.
13*a* GS Vervolg, Vervolging.
*b* Matt. 5:39; 4 Ne. 1:34; L&V 98:23–25.
14*a* GS Ywer.
17*a* GS Versoek, Versoeking.
18*a* Mosia 3:11.

aangaande hulle, want dit is aan
hulle geleer; daarom het hulle op-
setlik teen God [b]gerebelleer.
19 En nou was dit in die dae van
Lachoneüs, die seun van Lacho-
neüs, want Lachoneüs het die
stoel beklee van sy vader en het
die volk daardie jaar regeer.
20 En daar het begin om manne
te wees wat [a]geïnspireer is vanuit
die hemel en uitgestuur is, en on-
der die mense gestaan het in die
hele land, en gepreek het en onbe-
vrees getuig het van die sondes en
die ongeregtighede van die volk,
en getuig het aan hulle aangaande
die verlossing wat die Here sou
teweeg bring vir sy volk, of met
ander woorde, die opstanding
van Christus; en hulle het on-
bevrees getuig van sy [b]dood en
lyding.
21 Nou was daar baie van die
volk wat uitermate vertoornd
was vanweë diegene wat getuig
het van hierdie dinge; en diegene
wat vertoornd was, was hoof-
saaklik die hoofregters, en hulle
wat [a]hoëpriesters en regsgeleer-
des was; ja, al diegene wat regs-
geleerdes was, was vertoornd met
diegene wat van hierdie dinge ge-
tuig het.
22 Nou was daar geen regsge-
leerde nóg regter, nóg hoëpriester
wat die mag gehad het om enig-
een ter dood te veroordeel tensy
hulle vonnis geteken was deur
die goewerneur van die land nie.
23 Nou was daar baie van die-
gene wat getuig het van die dinge
met betrekking tot Christus, wat
onbevrees getuig het, wat ge-
vange geneem en in die geheim
om die lewe gebring is deur die
regters, sodat die kennis van hulle
dood nie tot die goewerneur van
die land gekom het tot na hulle
dood nie.
24 Nou kyk, dit was teenstrydig
met die wette van die land, dat
enige mens om die lewe gebring
sou word tensy hulle mag gehad
het van die goewerneur van die
land—
25 Daarom het daar 'n klagte op-
gekom na die land Zarahemla,
na die goewerneur van die land,
teen hierdie regters wat die pro-
fete van die Here ter dood veroor-
deel het, nie volgens die wet nie.
26 Nou het dit gebeur dat hulle
geneem en voor die regter ge-
bring is, om geoordeel te word
vir die misdaad wat hulle gepleeg
het, volgens die [a]wet wat deur die
volk gegee was.
27 Nou het dit gebeur dat daar-
die regters baie vriende en ver-
wante gehad het; en die res, ja,
selfs byna al die regsgeleerdes en
die hoëpriesters, het hulleself by-
mekaargemaak, en verenig met
die verwante van daardie regters
wat moes teregstaan volgens die
wet.
28 En hulle het 'n [a]verbond ge-
sluit die een met die ander, ja,

18 *b* GS Rebellie.
20 *a* GS Inspirasie, Inspireer; Profeet.
*b* GS Kruisiging; Versoen, Versoening.
21 *a* L&V 121:36–37. GS Afval.
26 *a* Mosia 29:25; Alma 1:14.
28 *a* GS Geheime Organisasies.

naamlik daardie verbond wat
aan hulle gegee is deur hulle van
ouds, welke verbond gegee is en
toegepas is deur die [b]duiwel, om
saam te span teen alle geregtig-
heid.
29 Daarom het hulle saamge-
span teen die volk van die Here,
en 'n verbond gesluit om hulle te
vernietig, en om diegene te bevry
wat skuldig was aan moord uit
die greep van regverdigheid, wat
op die punt was om uitgevoer te
word volgens die wet.
30 En hulle het die wette en die
regte van hulle land geminag;
en hulle het met mekaar 'n ver-
bond gesluit om die goewerneur
te vernietig, en om 'n [a]koning oor
die land aan te stel, sodat die
land nie meer vry sou wees nie,
maar onderdanig sou wees aan
konings.

## HOOFSTUK 7

*Die hoofregter word vermoor, die regering word vernietig, en die volk verdeel in stamme—Jakob, 'n Antichris, word koning van 'n geheime organisasie—Nefi preek bekering en geloof in Christus—Engele dien hom daagliks, en hy wek sy broer op uit die dood—Baie bekeer en word gedoop. Ongeveer 30–33 n.C.*

NOU kyk, ek sal aan julle toon dat
hulle nie 'n koning oor die land
gevestig het nie; maar in hierdie
selfde jaar, ja, die dertigste jaar,
het hulle op die regterstoel ver-
nietig, ja, het hulle die hoofreg-
ter van die land vermoor.
2 En die volk was verdeeld,
een teen die ander; en hulle het
afgeskei, een van die ander in
stamme, elke man volgens sy fa-
milie en sy verwante en vriende;
en so het hulle die regering van
die land vernietig.
3 En elke stam het 'n hoof of 'n
leier aangestel oor hulle; en so het
hulle stamme geword en leiers
van stamme.
4 Nou kyk, daar was geen man
onder hulle nie of hy het baie fa-
milie gehad en baie verwante
en vriende; daarom het hulle
stamme uitermate groot geword.
5 Nou, dit alles is gedoen, en
daar was geen oorlog tot dus-
ver onder hulle nie; en al hierdie
ongeregtigheid het oor die volk
gekom omdat hulle hulself [a]oor-
gegee het aan die mag van Satan.
6 En die verordeninge van die
regering is vernietig, vanweë
die [a]geheime organisasie van die
vriende en verwante van diegene
wat die profete vermoor het.
7 En hulle het 'n groot twis in
die land veroorsaak, in soverre
dat die meer regverdige deel van
die volk byna almal boos geword
het; ja, daar was maar min regver-
dige mense onder hulle.
8 En so, ses jaar het nie verbyge-
gaan vandat die grootste gedeelte
van die volk hulle weggedraai het
van hul regverdigheid nie, soos

28*b* Hel. 6:26–30.
30*a* 1 Sam. 8:5–7;
Alma 51:5.
**7** 5*a* Rom. 6:13–16;
Alma 10:25.
6*a* 2 Ne. 9:9.

ʼn hond na sy [a]braaksel, of soos die sog na haar gerol in die modder nie.

9 Nou hierdie geheime organisasie, wat sulke groot ongeregtigheid oor die volk gebring het, het hulleself bymekaar gemaak, en het aan hulle hoof ʼn man geplaas wat hulle Jakob genoem het;

10 En hulle het hom hul koning genoem; daarom het hy koning geword oor hierdie goddelose bende; en hy was een van die vernaamstes wat sy stem verhef het teen die profete wat getuig het van Jesus.

11 En dit het gebeur dat hulle nie so sterk in getal was as die stamme van die volk wat saam verenig was nie, behalwe dat dit hul leiers was wat hulle wette vasgestel het, elkeen volgens sy stam; nogtans was hulle vyande; nieteenstaande hulle nie ʼn regverdige volk was nie, tog was hulle verenig in die haat van diegene wat ʼn verbond gesluit het om die regering te vernietig.

12 Daarom, Jakob, omdat hy gesien het dat hulle vyande talryker was as hulle, omdat hy die koning was van die bende, daarom het hy sy volk beveel dat hulle moes vlug na die noordelikste deel van die land, en daar vir hulleself ʼn [a]koninkryk opbou, totdat afvalliges by hulle aangesluit het (want hy het hulle gevlei dat daar baie afvalliges sou wees) en hulle voldoende sterk word om te veg teen die stamme van die volk; en hulle het so gemaak.

13 En so vinnig was hulle opmars dat dit nie gestuit kon word totdat hulle weggegaan het buite die bereik van die volk nie. En so het die dertigste jaar geëindig; en so was die sake van die volk van Nefi.

14 En dit het gebeur in die een en dertigste jaar dat hulle verdeel was in stamme, elke man volgens sy familie, verwante en vriende; nogtans het hulle tot ʼn ooreenkoms gekom dat hulle nie oorlog sou voer die een teen die ander nie; maar hulle was nie verenig met betrekking tot hulle wette nie, en hulle wyse van regering, want hulle is vasgestel volgens die denke van diegene wat hulle hoofde en hulle leiers was. Maar hulle het baie streng wette vasgestel dat een stam nie sou oortree teen ʼn ander nie, in soverre dat hulle tot ʼn sekere mate vrede gehad het in die land; nogtans, hulle harte was weggedraai van die Here hulle God, en hulle het die profete gestenig en het hulle uitgewerp onder hulle.

15 En dit het gebeur dat [a]Nefi— omdat hy besoek is deur engele en ook die stem van die Here, daarom, omdat hy engele gesien het, en omdat hy ooggetuie was, en omdat mag aan hom gegee is sodat hy mag weet aangaande die bediening van Christus, en ook omdat hy ooggetuie was van

8*a* Spr. 26:11; 2 Petr. 2:22.
12*a* 3 Ne. 6:30.
15*a* 3 Ne. 1:2.

hulle spoedige terugkeer van reg-
verdigheid na hulle boosheid en
gruwels;
16 Daarom, omdat hy bedroef
was oor die hardheid van hulle
harte en die blindheid van hulle
verstand—het hy uitgegaan on-
der hulle in daardie selfde jaar,
en het begin om te getuig, on-
verskrokke, bekering en vergif-
nis van sondes deur geloof in die
Here Jesus Christus.
17 En hy het baie dinge vir hulle
geleer; en alles daarvan kan nie
geskryf word nie, en ′n gedeelte
daarvan sou nie voldoen nie,
daarom word hulle nie geskrywe
in hierdie boek nie. En Nefi het
geleer met [a]krag en met groot ge-
sag.
18 En dit het gebeur dat hulle
toornig was op hom, naamlik om-
dat hy groter mag gehad het as
hulle, want dit was [a]nie moontlik
dat hulle sy woorde nie kon glo
nie, want so groot was sy geloof
in die Here Jesus Christus, dat
engele hom daagliks bedien het.
19 En in die naam van Jesus het
hy duiwels uitgewerp en [a]onreine
geeste; en selfs sy broer het hy op-
gewek uit die dode, nadat hy ge-
stenig en gedood is deur die volk.
20 En die volk het dit gesien, en
was getuie daarvan, en was toor-
nig op hom vanweë sy mag; en hy
het ook [a]baie meer wonderwerke
voor die oë van die volk gedoen
in die naam van Jesus.
21 En dit het gebeur dat die een
en dertigste jaar verbygegaan
het, en daar was net ′n paar wat
bekeer is tot die Here; maar so-
veel as wat bekeer is, het waarlik
te kenne gegee aan die volk dat
hulle besoek was deur die krag en
Gees van God, wat in Jesus Chris-
tus was, in wie hulle geglo het.
22 En soveel as wat duiwels uit
hulle uitgewerp gehad het, en ge-
nees is van hulle siektes en hulle
krankhede, het waarlik aan die
volk verklaar dat hulle beïnvloed
is deur die Gees van God, en ge-
nees is; en hulle het ook tekens
getoon, en het sommige wonder-
werke gedoen onder die volk.
23 So het die twee en dertigste
jaar ook verbygegaan. En Nefi het
tot die volk geroep aan die begin
van die drie en dertigste jaar; en
hy het aan hulle bekering en ver-
gifnis van sondes gepreek.
24 Nou wil ek hê dat julle ook
moet onthou, dat daar niemand
was wat tot bekering gebring is
wat nie met water [a]gedoop is nie.
25 Daarom, daar is manne deur
Nefi geordineer tot hierdie be-
diening, sodat al diesulkes wat
na hulle sou kom, gedoop moes
word met water, en dit as ′n ge-
tuienis en ′n betuiging voor God,
en aan die volk, dat hulle bekeer
het en ′n [a]vergifnis ontvang het
van hulle sondes.
26 En daar was baie aan die be-
gin van hierdie jaar wat gedoop is

17*a* GS Krag.
18*a* 2 Ne. 33:1;
Alma 4:19.
19*a* GS Gees—Bose geeste.
20*a* 3 Ne. 8:1.
24*a* GS Doop.
25*a* L&V 20:37.
GS Vergifnis
van Sondes.

tot bekering; en so het die groot-
ste gedeelte van die jaar verby-
gegaan.

## HOOFSTUK 8

*Stormwinde, aardbewings, vure, warrelwinde en fisiese rampe getuig van die kruisiging van Christus—Baie mense word vernietig—Duisternis bedek die land vir drie dae—Diegene wat oorbly bekla hulle lot. Ongeveer 33–34 n.C.*

En nou het dit gebeur dat volgens
ons kroniek, en ons weet dat ons
kroniek waar is, want kyk, dit
was ′n regverdige man wat die
kroniek bygehou het—want hy
het waarlik baie [a]wonderwerke
gedoen in die [b]naam van Jesus; en
daar was geen mens wat ′n won-
derwerk kon doen in die naam
van Jesus tensy hy gereinig is in
elke opsig van sy ongeregtigheid
nie—
2 En nou het dit gebeur, indien
daar geen fout gemaak is deur
hierdie man in die berekening
van ons tyd nie, het die [a]drie en
dertigste jaar verbygegaan;
3 En die volk het begin uit-
sien met groot erns na die teken
wat gegee is deur die profeet Sa-
muel, die Lamaniet, ja, na die tyd
wanneer daar [a]duisternis vir ′n
tydperk van drie dae oor die aan-
gesig van die land sou wees;
4 En daar het begin om groot
twyfel en twiste te wees onder
die volk, nieteenstaande so baie
[a]tekens gegee was.
5 En dit het gebeur in die vier en
dertigste jaar, in die eerste maand,
op die vierde dag van die maand,
het daar ′n groot storm opgekom,
so een soos daar nog nooit geken
was in die hele land nie.
6 En daar was ook ′n groot en
vreeslike stormwind; en daar was
vreeslike [a]donderweer, in soverre
dat dit die hele aarde [b]geskud het
asof dit op die punt was om uit-
mekaar te breek.
7 En daar was uitermate skerp
weerligte, soos nog nooit geken
was in die hele land nie.
8 En die [a]stad Zarahemla het aan
die brand geslaan.
9 En die stad Moroni het weg-
gesink in die dieptes van die see,
en die inwoners daarvan het ver-
drink.
10 En die aarde is opgestoot oor
die stad Moroniha, dat in die plek
van die stad daar ′n groot berg
ontstaan het.
11 En daar was ′n groot en vrees-
like vernietiging in die land suid-
waarts.
12 Maar kyk, daar was ′n gro-
ter en vreesliker vernietiging in
die land noordwaarts; want kyk,
die hele aangesig van die land is
verander, vanweë die stormwind
en die warrelwinde, en die don-
derweer, en die weerligte, en die

**8** 1*a* 3 Ne. 7:19–20; Morm. 9:18–19.
*b* Hand. 3:6; Jakob 4:6.
2*a* 3 Ne. 2:8.
3*a* 1 Ne. 19:10; Hel. 14:20, 27; 3 Ne. 10:9.
4*a* GS Kruisiging.
6*a* 1 Ne. 19:11; Hel. 14:21.
*b* Matt. 27:45, 50–51.
8*a* 4 Ne. 1:7–8.

uitermate groot geskud van die
hele aarde;
13 En die [a]hoofweë is opgebreek, en die gelyk paaie is beskadig, en baie gladde plekke het ru geword.
14 En baie groot en belangrike stede het [a]weggesink, en baie is verbrand, en baie is geskud totdat die geboue daarvan op die aarde neergestort het, en die inwoners daarvan gedood is, en die plekke verlate gelaat is.
15 En daar was sommige stede wat oorgebly het; maar die skade daarvan was uitermate groot, en daar was baie in hulle wat gedood is.
16 En daar was sommiges wat weggevoer is in die warrelwind; en waarheen hulle gegaan het weet geen mens nie, behalwe dat hulle weet dat hulle weggevoer is.
17 En so het die aangesig van die hele aarde vervorm geword vanweë die stormwinde en die donderweer, en die weerligte, en die geskud van die aarde.
18 En kyk, die [a]rotse is in twee geskeur; hulle is opgebreek op die aangesig van die hele aarde, in soverre dat hulle gevind is in gebreekte stukke, en in splete en barste, op die hele aangesig van die land.
19 En dit het gebeur dat toe die donderweer, en die weerligte, en die storm, en die stormwind, en die skuddings van die aarde opgehou het—want kyk, hulle het geduur vir ongeveer ʼn tydperk van [a]drie uur; en dit is gesê deur sommiges dat die tyd langer was; nogtans, al hierdie groot en vreeslike dinge is gedoen in ongeveer ʼn tydperk van drie uur—en toe, kyk, daar was duisternis op die aangesig van die land.
20 En dit het gebeur dat daar ʼn digte duisternis was op die hele aangesig van die land, in soverre dat die inwoners daarvan wat nie omgekom het nie, die mis van die [a]duisternis kon [b]voel;
21 En daar kon geen lig wees nie, vanweë die duisternis, nóg kerse, nóg fakkels; nóg kon daar vuur aangesteek word met hulle fyn en uitermate droë hout, sodat daar geen lig hoegenaamd kon wees nie;
22 En daar is geen lig gesien nie, nóg vuur, nóg skynsel, nóg die son, nóg die maan, nóg die sterre, want so groot was die miswolke van duisternis wat op die aangesig van die land was.
23 En dit het gebeur dat dit geduur het vir ʼn tydperk van [a]drie dae dat daar geen lig gesien is nie; en daar was voortdurend groot rouklag en gekerm en geween onder die hele volk; ja, groot was die gekreun van die volk, vanweë die duisternis en die groot vernietiging wat oor hulle gekom het.
24 En op een plek is hulle geroep

13*a* Hel. 14:24; 3 Ne. 6:8.
14*a* 1 Ne. 12:4.
18*a* Hel. 14:21–22.
19*a* Lk. 23:44.
20*a* 1 Ne. 12:5; 19:11.
*b* Ex. 10:21–22.
23*a* 1 Ne. 19:10.

gehoor, wat sê: O dat ons bekeer het voor hierdie groot en vreeslike dag, en dan sou ons broers gespaar gewees het, en hulle sou nie verbrand gewees het in daardie groot stad [a]Zarahemla nie.
25 En op 'n ander plek is hulle geroep gehoor en gerouklag, wat sê: O dat ons bekeer het voor hierdie groot en vreeslike dag, en nie die profete gedood en gestenig het, en hulle uitgewerp het nie; dan sou ons moeders en ons mooi dogters, en ons kinders gespaar gewees het, en nie begrawe gewees het in daardie groot stad Moroniha nie. En so was die gekerm van die volk groot en vreeslik.

## HOOFSTUK 9

*In die duisternis verkondig die stem van Christus die vernietiging van baie mense en stede vanweë hulle boosheid—Hy verkondig ook sy goddelikheid, kondig aan dat die wet van Moses vervul is, en nooi mense om na Hom te kom en gered te word. Ongeveer 34 n.C.*

En dit het gebeur dat daar 'n [a]stem gehoor is onder al die inwoners van die aarde, op die hele aangesig van hierdie land, wat roep:
2 Wee, wee, wee hierdie volk; [a]wee die inwoners van die hele aarde tensy hulle hul sal bekeer; want die duiwel [b]lag, en sy engele juig, vanweë die gesneuweldes van die skone seuns en dogters van my volk; en dit is vanweë hulle ongeregtigheid en gruwels dat hulle gedood is!
3 Kyk, daardie groot stad Zarahemla het Ek verbrand met vuur, en die inwoners daarvan.
4 En kyk, daardie groot stad Moroni het Ek laat wegsink in die dieptes van die see, en die inwoners daarvan laat verdrink.
5 En kyk, daardie groot stad Moroniha het Ek bedek met grond, en die inwoners daarvan, om hulle ongeregtigheid en hulle gruwels te verberg van voor my aangesig, sodat die bloed van die profete en die heiliges nie meer na My sal kom teen hulle nie.
6 En kyk, die stad Gilgal het Ek laat wegsink, en die bewoners daarvan om begrawe te word in die dieptes van die aarde;
7 Ja, en die stad Oniha en die inwoners daarvan, en die stad Mokum en die inwoners daarvan, en die stad Jerusalem en die inwoners daarvan; en [a]waters het Ek laat opkom in die plek daarvan, om hulle boosheid en gruwels te verberg van voor my aangesig, sodat die bloed van die profete en die heiliges nie meer na My sal opkom teen hulle nie.
8 En kyk, die stad Gadiandi, en die stad Gadiomna, en die stad Jakob, en die stad Gimgimno, al hierdie het Ek laat wegsink, en het [a]heuwels en valleie in die plekke daarvan gemaak; en die inwoners

24*a* Hel. 13:12.
**9** 1*a* 1 Ne. 19:11; 3 Ne. 11:10.
2*a* Matt. 11:20–21.
*b* Moses 7:26.
7*a* Eség. 26:19.
8*a* 1 Ne. 19:11.

daarvan het Ek begrawe in die dieptes van die aarde, om hulle boosheid en gruwels te verberg van voor my aangesig, sodat die bloed van die profete en die heiliges nie meer na My sal opkom teen hulle nie.

9 En kyk, daardie groot stad Jakobugat, wat bewoon is deur die volk van koning Jakob, het Ek laat verbrand met vuur vanweë hulle sondes en hulle boosheid, wat bo al die boosheid van die hele aarde was, vanweë hulle [a]geheime moorde en organisasies; want dit was hulle wat die vrede van my volk en die regering van die land vernietig het; daarom het Ek hulle laat verbrand, om hulle te [b]vernietig van voor my aangesig, sodat die bloed van die profete en die heiliges nie meer na My sal opkom teen hulle nie.

10 En kyk, die stad Laman, en die stad Jos, en die stad Gad, en die stad Kiskumen, het ek laat brand met vuur, en die inwoners daarvan, vanweë hulle boosheid in die uitwerping van die profete, en die steniging van diegene wat Ek gestuur het om aan hulle aangaande hulle boosheid en hulle gruwels te verkondig.

11 En omdat hulle hul almal uitgewerp het, dat daar geen regverdiges onder hulle was nie, het Ek [a]vuur afgestuur en hulle vernietig, sodat hulle boosheid en gruwels verberg mag word van voor my aangesig, dat die bloed van die profete en die heiliges wat Ek onder hulle gestuur het nie mag roep tot My [b]van die grond af teen hulle nie.

12 En [a]baie groot vernietigings het Ek laat kom oor hierdie land, en oor hierdie volk, vanweë hulle boosheid en hulle gruwels.

13 O julle almal wat [a]gespaar is omdat julle meer regverdig was as hulle, sal julle nie nou terugkeer na My, en bekeer van julle sondes, en tot inkeer kom, sodat Ek julle mag [b]genees nie?

14 Ja, waarlik Ek sê vir julle, as julle na My sal [a]kom, sal julle die [b]ewige lewe hê. Kyk, my [c]arm van barmhartigheid is uitgestrek na julle, en wie ook al wil kom, hom sal Ek ontvang; en geseënd is hulle wat na My kom.

15 Kyk, Ek is Jesus Christus, die Seun van God. Ek het die hemele en die aarde [a]geskape, en alle dinge wat in hulle is. Ek was met die Vader van die [b]begin af. Ek is in die Vader, en die Vader in My; en in My het die Vader sy Naam verheerlik.

16 Ek het na my eie gekom, en my eie het My nie [a]ontvang nie.

9*a* Hel. 6:17–18, 21.
*b* Mosia 12:8.
11*a* 2 Kon. 1:9–16; Hel. 13:13.
*b* Gén. 4:10.
12*a* 3 Ne. 8:8–10, 14.
13*a* 3 Ne. 10:12.
*b* Jer. 3:22; 3 Ne. 18:32.
14*a* 2 Ne. 26:24–28; Alma 5:33–36.
*b* Joh. 3:16.
*c* Alma 19:36.
15*a* Joh. 1:1–3; Kol. 1:16; Hel. 14:12; Ether 4:7; L&V 14:9.
*b* Joh. 17:20–22; 3 Ne. 11:27; 19:23, 29.
16*a* Joh. 1:11; L&V 6:21.

En die skrifture aangaande my
koms is vervul.
17 En soveel as wat My ontvang
het, aan hulle het Ek [a]gegun om
die seuns van God te word; en net
so sal Ek gee aan soveel wat sal
glo in my Naam, want kyk, deur
My kom [b]verlossing, en in My is
die [c]wet van Moses vervul.
18 Ek is die [a]lig en die lewe van
die wêreld. Ek is [b]Alfa en Omega,
die begin en die einde.
19 En julle sal [a]nie meer die vergieting
van bloed aan My offer
nie; ja, julle offerandes en julle
brandoffers sal weggedoen word,
want Ek sal geen van julle offerandes
en julle brandoffers aanvaar
nie.
20 En julle sal as [a]offerande aan
My 'n gebroke hart en 'n verslae
gees offer. En wie ook al na My
kom met 'n gebroke hart en 'n
verslae gees, hom sal Ek [b]doop
met vuur en met die Heilige Gees,
net soos die Lamaniete, vanweë
hulle geloof in My ten tyde van
hulle bekering, gedoop is met
vuur en die Heilige Gees, en dit
nie geweet het nie.
21 Kyk, Ek het na die wêreld gekom
om verlossing te bring aan
die wêreld, om die wêreld te red
van sonde.
22 Daarom, wie ook al [a]bekeer
en na My toe kom soos 'n klein
[b]kindjie, hom sal Ek ontvang,
want aan sulkes behoort die koninkryk
van God. Kyk, vir sulkes
het Ek my lewe [c]neergelê, en
het dit weer opgeneem; daarom
bekeer, en kom na My julle eindes
van die aarde, en word gered.

## HOOFSTUK 10

*Daar is stilte in die land vir baie ure—Die stem van Christus belowe om sy volk bymekaar te maak soos 'n hen haar kuikens bymekaarmaak—Die meer regverdige deel van die volk is bewaar. Ongeveer 34–35 n.C.*

En nou kyk, dit het gebeur dat al
die mense van die land hierdie
woorde gehoor het, en daarvan
getuig het. En na hierdie woorde
was daar stilte in die land vir 'n
tydperk van baie ure.
2 Want so groot was die verbasing
van die volk dat hulle opgehou
het om te weeklaag en te
kerm oor die verlies van hulle
verwante wat gedood is; daarom
was daar stilte in die hele land vir
'n tydperk van baie ure.
3 En dit het gebeur dat daar
weer 'n stem gekom het na die
volk, en al die mense het gehoor,
en het getuig daarvan, en gesê:
4 O julle volk van hierdie
[a]groot stede wat geval het, wat

17 *a* Joh. 1:12. GS Mens die, Mense—Die mens, potensiaal om soos Hemelse Vader te word; Seuns en Dogters van God.
*b* GS Verlos, Verlossing.
*c* 3 Ne. 12:19, 46–47; 15:2–9.
18 *a* GS Lig, Lig van Christus.
*b* Openb. 1:8. GS Alfa en Omega.
19 *a* Alma 34:13.
20 *a* 3 Ne. 12:19; L&V 20:37.
*b* 2 Ne. 31:13–14.
22 *a* GS Bekeer, Bekering.
*b* Mark. 10:15; Mosia 3:19; 3 Ne. 11:37–38.
*c* Joh. 10:15–18.
**10** 4 *a* 3 Ne. 8:14.

afstammelinge is van Jakob, ja, wat van die huis van Israel is, hoe dikwels het Ek julle bymekaargemaak soos 'n hen haar kuikens bymekaarmaak onder haar vlerke, en het julle [b]gevoed.

5 En verder, [a]hoe dikwels wou Ek julle bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens bymekaarmaak onder haar vlerke, ja, o julle volk van die huis van Israel, wat geval het; ja, o julle volk van die huis van Israel, julle wat in Jerusalem woon, sowel as julle wat geval het; ja, hoe dikwels wou Ek julle bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens bymekaarmaak, en julle wou nie.

6 O julle huis van Israel wat Ek [a]gespaar het, hoe dikwels sal Ek julle bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens bymekaarmaak onder haar vlerke, as julle sal bekeer en [b]terugkeer na My met volle voorneme van [c]hart.

7 Maar indien nie, o huis van Israel, sal die plekke van julle wonings verlate word tot die tyd van die vervulling van die [a]verbond met julle vaders.

8 En nou het dit gebeur dat nadat die volk hierdie woorde gehoor het, kyk, het hulle begin om weer te ween en kerm vanweë die verlies van hulle verwante en vriende.

9 En dit het gebeur dat die drie dae so verbygegaan het. En dit was in die môre, en die [a]duisternis het verbygegaan van die aangesig van die land, en die aarde het opgehou om te bewe, en die rotse het opgehou om te skeur, en die verskriklike gekreun het opgehou, en al die rumoere het opgehou.

10 En die aarde het weer aanmekaar gekleef, dat dit gestaan het; en die rouklag, en die geween, en die weeklag van die mense wat lewendig gespaar is het opgehou; en hulle rouklaag is verander in vreugde, en hulle klaagliedere in lof en danksegging aan die Here Jesus Christus, hulle Verlosser.

11 En so ver is die skrifture [a]vervul wat deur die profete gespreek is.

12 En dit was die meer [a]regverdige deel van die mense wat gered is, en dit was hulle wat die profete ontvang het en hulle nie gestenig het nie; en dit was hulle wat nie die bloed van die heiliges vergiet het nie, wat gespaar is—

13 En hulle is gespaar en is nie weggesink en begrawe in die aarde nie; en hulle is nie verdrink in die dieptes van die see nie; en hulle is nie verbrand deur vuur nie, nóg is daar op hulle geval en hulle vergruis tot die dood toe; en hulle is nie weggevoer in die warrelwind nie; nóg is hulle oorweldig deur die rookmis en die duisternis.

4*b* 1 Ne. 17:3.
5*a* Matt. 23:37; L&V 43:24–25.
6*a* 3 Ne. 9:13.
*b* 1 Sam. 7:3; Hel. 13:11; 3 Ne. 24:7.
*c* Eség. 36:26.
7*a* GS Verbond.
9*a* 3 Ne. 8:19.
11*a* Hand. 3:18–20.
12*a* 2 Ne. 26:8; 3 Ne. 9:13.

14 En nou, wie ook al lees, laat hom verstaan; hy wat die skrifture het, laat hom hulle [a]ondersoek, en kyk en aanskou of al hierdie sterftes en vernietigings deur vuur, en deur rook, en deur stormwinde, en deur warrelwinde, en deur die [b]oopmaak van die aarde om hulle te ontvang, en al hierdie dinge nie is tot die vervulling van die profesieë van baie van die heilige profete nie.

15 Kyk, ek sê vir julle, Ja, baie het getuig van hierdie dinge tydens die koms van Christus, en is [a]gedood omdat hulle getuig het van hierdie dinge.

16 Ja, die profeet [a]Zenos het getuig van hierdie dinge, en ook Zenok het gespreek aangaande hierdie dinge, omdat hulle in besonder getuig het aangaande ons, wat die oorblyfsel is van hulle saad.

17 Kyk, ons vader Jakob het ook getuig aangaande 'n [a]oorblyfsel van die saad van Josef. En kyk, is ons nie 'n oorblyfsel van die saad van Josef nie? En hierdie dinge wat getuig van ons, is hulle nie geskrywe op die plate van brons wat ons vader Lehi uit Jerusalem gebring het nie?

18 En dit het gebeur dat aan die einde van die vier en dertigste jaar, kyk, ek sal aan julle toon dat die volk van Nefi wat gespaar is, en ook diegene wat Lamaniete genoem is, wat gespaar is, groot gunste bewys is, en groot seëninge uitgestort is op hulle hoofde, in soverre dat kort na die [a]opvaart van Christus na die hemel het Hy homself waarlik geopenbaar aan hulle—

19 Deur sy liggaam te [a]toon aan hulle, en hulle te dien; en 'n kroniek van sy bediening sal gegee word hierna. Daarom, vir hierdie oomblik maak ek 'n einde aan my woorde.

---

Jesus Christus het Homself getoon aan die volk van Nefi, terwyl die skare in die land Oorvloed was, en het hulle gedien; en op hierdie wyse het Hy Homself getoon aan hulle.

*Beginnende by hoofstuk 11.*

## HOOFSTUK 11

*Die Vader getuig van sy Geliefde Seun—Christus verskyn en verkondig sy Versoening—Die mense voel die wondmerke in sy hande, en voete, en sy—Hulle roep Hosanna—Hy sit die metode en wyse van doop uiteen—Die gees van twis is van die duiwel—Christus se leer is dat mense moet glo en gedoop word en die Heilige Gees ontvang. Ongeveer 34 n.C.*

En nou het dit gebeur dat daar

---

14*a* GS Skrifture—Waarde van die skrifture.
*b* 1 Ne. 19:11; 2 Ne. 26:5.
15*a* GS Martelaar, Martelaarskap.
16*a* Hel. 8:19–20.
17*a* 2 Ne. 3:4–5; Alma 46:24; 3 Ne. 5:23–24.
18*a* Hand. 1:9–11.
19*a* 3 Ne. 11:12–15.

ʼn groot skare byeen was, van die
volk van Nefi, rondom die tempel
wat in die land Oorvloed was; en
hulle was verbaas en verwonderd
die een met die ander, en het ge-
wys, een aan die ander, die [a]groot
en wonderbaarlike verandering
wat plaasgevind het.
2 En hulle het ook oor hierdie
Jesus Christus gespreek, van wie
die [a]teken gegee is aangaande sy
dood.
3 En dit het gebeur dat ter-
wyl hulle aldus besig was om te
spreek die een met die ander, het
hulle ʼn [a]stem gehoor asof dit ge-
kom het uit die hemel; en hulle
het rondgekyk, want hulle het
nie die stem verstaan wat hulle
gehoor het nie; en dit was nie ʼn
skerp stem nie, nóg was dit ʼn
luide stem; nogtans, en nieteen-
staande dit ʼn [b]sagte stem was, het
dit hulle wat dit gehoor het tot in
hulle binneste deurdring, in so-
verre dat daar geen deel van hulle
gestalte was wat dit nie laat beef
het nie; ja, dit het hulle deurdring
tot die diepte van die siel, en hulle
harte laat brand.
4 En dit het gebeur dat hulle
weer die stem gehoor het, en
hulle het dit nie verstaan nie.
5 En weer die derde keer het
hulle die stem gehoor, en hulle
het hul ore oopgemaak om dit
te hoor; en hulle oë was gerig na
die klank daarvan; en hulle het
voortdurend na die hemel gekyk,
van waar die klank gekom het.
6 En kyk, die derde keer het
hulle die stem verstaan wat hulle
gehoor het; en dit het aan hulle
gesê:
7 Kyk, my [a]geliefde Seun, [b]in
wie Ek ʼn welbehae het, in wie Ek
my Naam verheerlik het—luister
julle na Hom.
8 En dit het gebeur, toe hulle
verstaan het, het hulle hul oë
weer hemelwaarts gerig; en kyk,
hulle het ʼn Man [a]sien neerdaal uit
die hemel; en Hy was geklee in ʼn
wit gewaad; en Hy het afgekom
en gaan staan in hulle midde; en
die oë van die hele skare was na
Hom gedraai, en hulle het dit nie
gedurf om hulle monde oop te
maak nie, selfs nie die een teen-
oor die ander nie, en het nie ge-
weet wat dit beteken nie, want
hulle het gedink dit was ʼn engel
wat aan hulle verskyn het.
9 En dit het gebeur dat Hy sy
hand uitgestrek en met die volk
gespreek het, en gesê het:
10 Kyk, Ek is Jesus Christus, van
wie die profete getuig het in die
wêreld sal kom.
11 En kyk, Ek is die [a]lig en die
lewe van die wêreld; en Ek het ge-
drink uit daardie bitter [b]beker wat
die Vader My gegee het, en het die
Vader verheerlik deur die sondes
van die wêreld op My te [c]neem,
waardeur Ek my onderwerp het

**11** 1*a* 3 Ne. 8:11–14.
2*a* Hel. 14:20–27.
3*a* Deut. 4:33–36; Hel. 5:29–33.
*b* 1 Kon. 19:11–13; L&V 85:6.
7*a* Matt. 3:17; 17:5; JS—G 1:17.
*b* 3 Ne. 9:15.
8*a* 1 Ne. 12:6; 2 Ne. 26:1.
11*a* GS Lig, Lig van Christus.
*b* Matt. 26:39, 42.
*c* Joh. 1:29; L&V 19:18–19.

aan die [d]wil van die Vader in alle
dinge vanaf die begin.
12 En dit het gebeur dat toe
Jesus hierdie woorde gespreek
het, het die hele skare neergeval
op die aarde; want hulle het ont-
hou dat dit [a]geprofeteer was on-
der hulle dat Christus homself
aan hulle sou toon ná sy opvaart
na die hemel.
13 En dit het gebeur dat die Here
met hulle gespreek, en gesê het:
14 Staan op en kom na My,
dat julle jul hande in my sy kan
[a]steek, en ook dat julle die merke
van die spykers in my hande en
voete kan [b]voel, sodat julle mag
weet dat Ek die [c]God van Israel
is, en die God van die hele [d]aarde,
en gedood is vir die sondes van
die wêreld.
15 En dit het gebeur dat die
skare vorentoe gegaan het, en
hulle hande in sy sy gesteek het,
en die merke van die spykers in
sy hande en in sy voete gevoel
het; en dit het hulle gedoen, en
vorentoe gekom, een vir een tot-
dat hulle almal vorentoe gegaan
het, en met hulle oë gesien en met
hulle hande gevoel het, en geweet
het met 'n sekerheid, en getuienis
gelewer het, dat dit Hy [a]was, van
wie dit geskrywe is deur die pro-
fete, wat sou kom.
16 En toe hulle almal vorentoe
gegaan het en vir hulleself gesien
het, het hulle eenparig uitgeroep,
en gesê:
17 Hosanna! Prys die Naam van
die Allerhoogste God! En hulle
het neergeval aan die voete van
Jesus, en het Hom [a]aanbid.
18 En dit het gebeur dat Hy met
[a]Nefi gespreek het (want Nefi was
onder die skare) en Hy het hom
beveel om na vore te kom.
19 En Nefi het opgestaan en na
vore gegaan, en homself neerge-
buig voor die Here en het sy voete
gesoen.
20 En die Here het hom gebied
dat hy moes opstaan. En hy het
opgestaan en voor Hom gaan
staan.
21 En die Here het aan hom gesê:
Ek gee aan jou [a]mag dat jy hierdie
volk sal [b]doop wanneer Ek weer
opgevaar het na die hemel.
22 En weer het die Here [a]ander
geroep, en het aan hulle dieselfde
gesê; en Hy het aan hulle mag ge-
gee om te doop. En Hy het aan
hulle gesê: Volgens hierdie wyse
sal julle doop; en daar sal [b]geen
twiste onder julle wees nie.
23 Voorwaar Ek sê vir julle, dat
wie ook al bekeer van sy sondes
deur julle [a]woorde, en [b]begeer om
gedoop te word in my Naam, op
hierde wyse sal julle hulle doop—
Kyk, julle sal afgaan en in die

11 *d* Mark. 14:36; Joh. 6:38; L&V 19:2.
12 *a* Alma 16:20.
14 *a* Joh. 20:27.
*b* Lk. 24:36–39; L&V 129:2.
*c* Jes. 45:3; 3 Ne. 15:5.
*d* 1 Ne. 11:6.
15 *a* GS Jesus Christus—Nadoodse verskynings van Christus.
17 *a* GS Aanbid.
18 *a* 3 Ne. 1:2, 10.
21 *a* GS Krag.
*b* GS Doop.
22 *a* 1 Ne. 12:7; 3 Ne. 12:1.
*b* 3 Ne. 18:34.
23 *a* 3 Ne. 12:2.
*b* GS Doop—Vereistes vir die doop.

water [c]staan, en in my Naam sal
julle hulle doop.
24 En nou kyk, hierdie is die
woorde wat julle sal sê, en hulle
by hul naam noem, en sal sê:
25 Deur die [a]gesag aan my ge-
gee deur Jesus Christus, doop ek
u in die Naam van die [b]Vader, en
van die Seun, en van die Heilige
Gees. Amen.
26 En dan sal julle hulle [a]onder
die water dompel, en weer uit-
kom uit die water.
27 En volgens hierdie wyse sal
julle doop in my Naam; want kyk,
voorwaar Ek sê vir julle, dat die
Vader, en die Seun, en die Heilige
Gees [a]een is; en Ek is in die Vader,
en die Vader in my, en die Vader
en Ek is een.
28 En volgens wat Ek julle ge-
bied het, so sal julle doop. En
daar sal geen [a]twiste wees on-
der julle nie, soos daar tot dus-
ver was nie; nóg sal daar twiste
onder julle wees aangaande die
punte van my leer, soos daar tot
dusver was.
29 Want voorwaar, voorwaar,
Ek sê vir julle, hy wat die [a]gees
van [b]twis het, is nie van My nie,
maar is van die duiwel, wat die
vader van twis is, en hy spoor
die harte van mense aan om met
toorn te veg, die een teen die an-
der.
30 Kyk, dit is nie my leer, om
die harte van mense op te stook
met toorn, die een teen die ander
nie, maar dit is my leer, dat sulke
dinge weggedoen moet word.
31 Kyk, voorwaar, voorwaar, Ek
sê vir julle, Ek sal my [a]leer ver-
kondig aan julle.
32 En dit is my [a]leer, en dit is
die leer wat die Vader aan My
gegee het; en Ek [b]lewer getuie-
nis van die Vader, en die Vader
lewer getuienis van My, en die
[c]Heilige Gees lewer getuienis van
die Vader en My; en Ek getuig
dat die Vader alle mense, oral,
gebied om te bekeer en in My
te glo.
33 En wie ook al in My glo, en
[a]gedoop word, diesulkes sal [b]ge-
red word; en dit is hulle wat die
koninkryk van God sal [c]beërwe.
34 En wie ook al nie in My glo
nie, en nie gedoop word nie, sal
verdoem word.
35 Voorwaar, voorwaar, Ek sê
vir julle, dat dit my leer is, en
Ek lewer getuienis daarvan van
die Vader; en wie ook al in My
[a]glo, glo ook in die Vader; en aan
hom sal die Vader getuienis le-
wer van My, want Hy sal hom

23*c* 3 Ne. 19:10–13.
25*a* Mosia 18:13; L&V 20:73. GS Doop—Behoorlike gesag.
*b* GS God, Godheid.
26*a* GS Doop—Doop deur onderdompeling.
27*a* Joh. 17:20–22; 3 Ne. 28:10; Morm. 7:7; L&V 20:28.
28*a* 1 Kor. 1:10; Efés. 4:11–14; L&V 38:27.
29*a* 2 Tim. 2:23–24; Mosia 23:15. GS Twis.
*b* JSV Efés. 4:26 (Bylae); Mosia 2:32–33.
31*a* 2 Ne. 31:2–21.
32*a* GS Leer van Christus.
*b* 1 Joh. 5:7.
*c* 3 Ne. 28:11; Ether 5:4.
33*a* Mark. 16:16. GS Doop—Noodsaaklik.
*b* GS Heil.
*c* GS Selestiale Heerlikheid.
35*a* Ether 4:12.

besoek [b]met vuur en met die
[c]Heilige Gees.
36 En so sal die Vader getuie-
nis lewer van My, en die Hei-
lige Gees sal getuienis lewer aan
Hom van die Vader en My, want
die Vader, en Ek, en die Heilige
Gees is een.
37 En verder sê Ek aan julle,
julle moet bekeer, en soos ’n klein
kindjie [a]word, en gedoop word in
my Naam, of julle kan geensins
hierdie dinge ontvang nie.
38 En verder sê Ek aan julle, julle
moet bekeer, en gedoop word in
my Naam, en word soos ’n klein
kindjie, of julle kan geensins die
koninkryk van God beërwe nie.
39 Voorwaar, voorwaar, Ek sê
vir julle, dat dit my leer is, en
wie ook al hierop [a]bou, bou op
my rots, en die [b]poorte van die
hel sal nie oor hulle seëvier nie.
40 En wie ook al meer of min-
der as dit sal verkondig, en dit
as my leer vestig, diesulkes kom
van die bose, en is nie gebou op
my rots nie; maar hy bou op ’n
[a]sanderige fondament, en die
poorte van die hel staan oop om
diesulkes te ontvang wanneer
die vloede kom en die winde
teen hulle slaan.
41 Daarom, gaan uit na hierdie
volk, en verkondig die woorde
wat Ek gespreek het, tot aan die
eindes van die aarde.

## HOOFSTUK 12

*Jesus roep en magtig die twaalf dissipels—Hy lewer aan die Nefiete ’n rede soortgelyk aan die Bergpredikasie—Hy uiter die Saligsprekinge—Sy leringe oortref en neem voorrang bo die wet van Moses—Die mens word gebied om volmaak te wees net soos Hy en sy Vader volmaak is—Vergelyk Matthéüs 5. Ongeveer 34 n.C.*

En dit het gebeur dat toe Jesus
hierdie woorde met Nefi gespreek
het, en tot diegene wat geroepe
was (nou die getal van hulle wat
geroep was, en mag en gesag ont-
vang het om te doop, was [a]twaalf)
en kyk, Hy het sy hand uitgestrek
na die skare, en tot hulle geroep,
en gesê: [b]Salig is julle as julle sal
ag slaan op die woorde van hier-
die twaalf wat Ek onder julle [c]ge-
kies het om julle te dien, en om
julle diensknegte te wees; en
aan hulle het Ek mag gegee so-
dat hulle julle mag doop met wa-
ter; en nadat julle gedoop is met
water, kyk, sal Ek julle doop met
vuur en met die Heilige Gees;
daarom, geseënd is julle as julle
in My sal glo en gedoop word,
nadat julle My gesien het en weet
dat Ek is.
2 En verder, nog saliger is hulle
wat sal [a]glo in julle woorde om-
dat julle sal getuig dat julle My

---

35 *b* 3 Ne. 9:20; 12:2.
*c* GS Heilige Gees.
37 *a* Mark. 10:15; Lk. 18:17; Mosia 3:19; 3 Ne. 9:22.
39 *a* Matt. 7:24–29; Hel. 5:12. GS Rots.
*b* 3 Ne. 18:12–13.
40 *a* 3 Ne. 14:24–27.
**12** 1 *a* 3 Ne. 13:25.
*b* GS Seën, Geseënd, Seëning.
*c* GS Roep, Geroepe van God, Roeping.
2 *a* L&V 46:13–14. GS Geloof, Glo.

gesien het, en dat julle weet dat Ek is. Ja, geseënd is hulle wat sal glo in julle woorde, en [b]afdaal tot in die dieptes van ootmoed en gedoop word, want hulle sal besoek word [c]met vuur en met die Heilige Gees, en sal ′n vergifnis ontvang van hulle sondes.

3 Ja, geseënd is die [a]armes van Gees wat na My [b]kom, want hulle s′n is die koninkryk van die hemel.

4 En verder, geseënd is almal wat treur, want hulle sal vertroos word.

5 En geseënd is die [a]sagmoediges, want hulle sal die [b]aarde beërwe.

6 En geseënd is hulle almal wat [a]honger en [b]dors na [c]regverdigheid, want hulle sal vervul word met die Heilige Gees.

7 En geseënd is die [a]barmhartiges, want hulle sal barmhartigheid ontvang.

8 En geseënd is al die [a]reines van hart, want hulle sal God [b]sien.

9 En geseënd is al die [a]vredemakers, want hulle sal die [b]kinders van God genoem word.

10 En geseënd is hulle almal wat [a]vervolg word om my Naams ontwil, want hulle s′n is die koninkryk van die hemel.

11 En geseënd is julle wanneer die mense julle sal beledig en vervolg, en allerlei soorte boosheid valslik teen julle sal spreek, om my ontwil;

12 Want julle sal groot vreugde hê en uitermate verheug wees, want groot sal julle [a]loon wees in die hemel; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle was.

13 Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, Ek gee aan julle om die [a]sout te wees van die aarde; maar as die sout sy smaak sal verloor, waarmee sal die aarde gesout word? Die sout sal daarna vir niks deug nie, maar om uitgewerp en vertrap te word onder die voete van mense.

14 Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, Ek gee aan julle om die lig te wees van hierdie volk. ′n Stad wat geleë is bo-op ′n berg kan nie verberg word nie.

15 Kyk, steek mense ′n [a]kers op en plaas dit onder ′n maatemmer? Nee, maar op ′n staander, en dit gee lig aan almal wat in die huis is;

16 Daarom, laat julle [a]lig so skyn voor hierdie volk, sodat hulle julle goeie werke mag sien en julle Vader verheerlik wat in die hemel is.

2*b* Ether 4:13–15.
*c* 3 Ne. 11:35; 19:13.
3*a* L&V 56:17–18. GS Nederig, Nederigheid.
*b* Matt. 11:28–30.
5*a* Rom. 12:16; Mosia 3:19. GS Sagmoedig, Sagmoedigheid.
*b* GS Aarde.
6*a* 2 Ne. 9:51; Enos 1:4.
*b* Jer. 29:13.
*c* Spr. 21:21.
7*a* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
8*a* GS Suiwer, Suiwerheid.
*b* L&V 93:1.
9*a* GS Vredemaker.
*b* GS Seuns en Dogters van God.
10*a* L&V 122:5–9. GS Vervolg, Vervolging.
12*a* Ether 12:4.
13*a* L&V 101:39–40. GS Sout.
15*a* Lk. 8:16.
16*a* 3 Ne. 18:24.

17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te vernietig nie. Ek het nie gekom om te vernietig nie, maar om te vervul;

18 Want voorwaar Ek sê vir julle, een jota nóg een tittel het nie verbygegaan van die [a]wet nie, maar in My is dit alles vervul.

19 En kyk, Ek het julle die wet en die gebooie gegee van my Vader, sodat julle in My sal glo, en sodat julle sal bekeer van julle sondes, en na My kom met ′n [a]gebroke hart en ′n verslae gees. Kyk, julle het die gebooie voor julle, en die [b]wet is vervul.

20 Daarom, kom na My en word julle gered; want voorwaar Ek sê vir julle, dat tensy julle my gebooie sal onderhou, wat Ek julle gebied het op hierdie tydstip, sal julle onder geen omstandighede die koninkryk van die hemel binnegaan nie.

21 Julle het gehoor dat dit gesê is deur hulle van die ou tyd, en dit is ook geskrywe voor julle, dat julle nie mag doodslaan nie, en wie ook al sal [a]doodslaan sal in gevaar wees van die oordeel van God;

22 Maar Ek sê vir julle, dat wie ook al vertoornd is op sy broer, sal in gevaar wees van sy oordeel. En wie ook al vir sy broer sal sê, Raka, sal in gevaar wees van die raad; en wie ook al sal sê, Jou dwaas, sal in gevaar wees van die helse vuur.

23 Daarom, as julle na My sal kom, of sal begeer om na My toe te kom, en onthou dat jul broer iets teen julle het—

24 Gaan dan jou weg na jou broer, en word eers [a]versoen met jou broer, en kom dan na My met volle voorneme van hart, en Ek sal julle ontvang.

25 Wees gou versoen met jou teenstander terwyl jy onderweg is met hom, uit vrees dat hy julle ter eniger tyd sal kry, en julle in die gevangenis gewerp sal word.

26 Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, julle sal geensins daar uitkom totdat julle die uiterste senien betaal het nie. En terwyl julle in die gevangenis is, kan julle selfs een [a]senien betaal? Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, Nee.

27 Kyk, dit is geskrywe deur hulle van die ou tyd, dat julle nie [a]egbreuk mag pleeg nie;

28 Maar Ek sê vir julle, dat wie ook al na ′n vrou kyk om haar te [a]begeer, het reeds egbreuk in sy hart gepleeg.

29 Kyk, Ek gee aan julle ′n gebod, dat julle nie een van hierdie dinge toelaat om julle [a]hart binne te gaan nie;

30 Want dit is beter dat julle julself hierdie dinge sou ontsê, waarin julle jul [a]kruis sal opneem,

18 *a* GS Wet van Moses.
19 *a* 3 Ne. 9:20. GS Gebroke Hart.
*b* 3 Ne. 9:17.
21 *a* Ex. 20:13; Mosia 13:21; L&V 42:18.
24 *a* GS Vergewe.
26 *a* Alma 11:3.
27 *a* 2 Ne. 9:36; L&V 59:6.
28 *a* L&V 42:23. GS Wellus, Wellustigheid.
29 *a* Hand. 8:22.
30 *a* Matt. 10:38; 16:24; Lk. 9:23.

as dat julle in die hel gewerp sou
word.
31 Daar is geskrywe, dat wie
ook al sy vrou sal skei, laat hom
vir haar ′n skrywe van [a]egskei-
ding gee.
32 Voorwaar, voorwaar, Ek sê
vir julle, dat wie ook al sy vrou sal
[a]skei, behalwe omrede van [b]on-
tug, laat haar [c]egbreuk pleeg; en
wie ook al met haar sal trou wat
geskei is, pleeg egbreuk.
33 En verder, daar is geskrywe,
julle sal nie vals sweer nie, maar
sal julle [a]ede aan die Here nakom;
34 Maar voorwaar, voorwaar, Ek
sê vir julle, [a]sweer hoegenaamd
nie; nóg by die hemel, want dit
is God se troon;
35 Nóg by die aarde, want dit is
sy voetbank;
36 Nóg sal julle sweer by julle
hoofde, want julle kan nie een
haar swart of wit maak nie;
37 Maar laat julle mededeling
wees Ja, ja; Nee, nee; want wat
ook al kom van meer as hierdie,
is boos.
38 En kyk, daar is geskrywe, ′n
[a]oog vir ′n oog, en ′n tand vir ′n
tand;
39 Maar Ek sê vir julle, dat julle
julle nie teen die bose moet [a]ver-
set nie, maar wie ook al julle op
die regterwang sal slaan, [b]draai
na hom die ander ook;
40 En as enigeen jou voor die
gereg wil daag en jou onderkleed
wegneem, laat hom jou bokleed
ook kry;
41 En wie ook al julle sal dwing
om ′n myl te gaan, gaan met hom
twee.
42 [a]Gee aan hom wat julle vra,
en van hom wat van julle wil leen,
draai julle nie weg nie.
43 En kyk daar is ook geskrywe,
dat julle jul naaste sal liefhê en jul
vyand haat;
44 Maar kyk Ek sê vir julle, wees
lief vir julle [a]vyande, seën hulle
wat julle vervloek, doen goed
aan hulle wat julle haat, en [b]bid
vir hulle wat julle met minagting
misbruik en julle vervolg;
45 Sodat julle die kinders mag
wees van julle Vader wat in die
hemel is; want Hy laat sy son
opgaan oor die bose en oor die
goeies.
46 Daarom, daardie dinge wat
van die ou tyd was, wat onder die
wet was, is almal in My vervul.
47 [a]Ou dinge is weggedoen, en
alle dinge het nuut geword.
48 Daarom, Ek wil hê dat julle
[a]volmaak moet wees net soos Ek,
of julle Vader wat in die hemel is,
volmaak is.

## HOOFSTUK 13

*Jesus leer die Nefiete die Onse Vader—Hulle moet skatte weglê in die*

31 *a* GS Egskeiding.
32 *a* Mark. 10:11–12.
*b* GS Ontug.
*c* GS Egbreuk.
33 *a* GS Eed.
34 *a* GS Oneerbiedigheid.
38 *a* Lev. 24:20.
39 *a* 3 Ne. 6:13; 4 Ne. 1:34; L&V 98:23–32.
*b* GS Geduld.
42 *a* Jakob 2:17–19; Mosia 4:22–26.
44 *a* Spr. 24:17; Alma 48:23.
*b* Hand. 7:59–60.
47 *a* 3 Ne. 15:2, 7; L&V 22:1.
48 *a* Matt. 5:48; 3 Ne. 27:27. GS Volmaak.

*hemel—Die twaalf dissipels in hulle bediening word gebied om nie bekommerd te wees oor stoflike dinge nie—Vergelyk Matthéüs 6. Ongeveer 34 n.C.*

VOORWAAR, voorwaar, Ek sê dat
Ek wil dat julle aan die armes
[a]aalmoese moet gee; maar pas
op dat julle nie julle aalmoese
voor die mense gee om gesien te
word deur hulle nie; anders het
julle geen beloning van julle Va-
der wat in die hemel is nie.
2 Daarom, wanneer julle jul aal-
moese gee, moenie ′n trompet
blaas voor julle nie, soos die hui-
gelaars sal gee in die sinagoges en
op die strate, sodat hulle [a]lof mag
hê van die mense. Voorwaar Ek sê
vir julle, hulle het hulle beloning.
3 Maar wanneer julle aalmoese
gee, laat julle linkerhand nie weet
wat julle regterhand doen nie;
4 Sodat jul aalmoese in die ge-
heim mag wees; en jul Vader, wat
in die geheim sien, Hy sal julle
openlik beloon.
5 En wanneer julle [a]bid, moet
julle nie doen soos die huige-
laars nie, want hulle is lief om te
bid, en staan in die sinagoges en
op die hoeke van die strate, so-
dat hulle gesien mag word deur
mense. Voorwaar, Ek sê vir julle,
hulle het hulle beloning.
6 Maar julle, wanneer julle bid,
gaan in jul binnekamer in, en
wanneer julle jul deur gesluit het,
bid tot jul Vader wat in die ver-
borgenheid is, en jul Vader, wat
in die geheim sien, sal julle open-
lik beloon.
7 Maar wanneer julle bid, ge-
bruik nie ydele herhalings, soos
die heidene nie, want hulle dink
dat hulle gehoor sal word vanweë
hulle baie woorde.
8 Wees julle daarom nie soos
hulle nie, want julle Vader [a]weet
watter dinge julle nodig het nog
voordat julle Hom vra.
9 Volgens hierdie [a]wyse moet
julle daarom [b]bid: Onse [c]Vader
wat in die hemel is, laat u Naam
geheilig word;
10 Laat U wil geskied op aarde
soos dit is in die hemel.
11 En vergeef ons ons skulde,
soos ons ons skuldenaars ver-
gewe.
12 En laat ons nie in versoeking
[a]gelei word nie, maar verlos ons
van die bose.
13 Want aan U behoort die ko-
ninkryk, en die mag, en die heer-
likheid, vir ewig. Amen.
14 Want, as julle mense hulle
oortredings [a]vergewe, sal julle
Hemelse Vader ook julle vergewe;
15 Maar as julle nie mense hulle
oortredings vergewe nie, nóg sal
julle Vader julle oortredings ver-
gewe.
16 Verder, wanneer julle [a]vas,
moenie wees soos die huigelaars,

**13** 1*a* GS Aalmoes, Aalmoese Gee.
2*a* L&V 121:34–35.
5*a* GS Gebed.
8*a* L&V 84:83.
9*a* Matt. 6:9–13.
*b* GS Gebed.
*c* GS God, Godheid—God die Vader.
12*a* JSV Matt. 6:14 (Bylae).
14*a* Mosia 26:30–31; L&V 64:9. GS Vergewe.
16*a* Jes. 58:5–7. GS Vas.

met ʼn treurige gelaat nie, want hulle mismaak hulle gesigte sodat dit mag voorkom vir die mense dat hulle vas. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hulle beloning.

17 Maar julle, wanneer julle vas, salf jul hoof, en was jul gesig;

18 Sodat julle nie vir mense voorkom dat julle vas nie, maar vir julle Vader, wat in die [a]verborgenheid is; en jul Vader, wat in die geheim sien, sal julle openlik beloon.

19 Moenie vir julle skatte weglê op die aarde, waar mot en roes vernietig, en waar diewe inbreek en steel nie;

20 Maar lê vir julleself [a]skatte weg in die hemel, waar nóg mot nóg roes vernietig, en waar diewe nie inbreek nie, nóg steel.

21 Want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.

22 Die [a]lig van die liggaam is die oog; daarom, as jul oog opreg is, sal julle hele liggaam vol lig wees.

23 Maar as julle oog boos is, sal julle hele liggaam vol donkerheid wees. As, daarom, die lig wat in julle is, duisternis is, hoe groot is daardie duisternis!

24 Geen mens kan twee meesters [a]dien nie; want óf hy sal die een haat en die ander liefhê, óf anders sal hy die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God en Mammon dien nie.

25 En nou het dit gebeur dat toe Jesus hierdie woorde gespreek het, het Hy na die twaalf gekyk wat Hy gekies het, en aan hulle gesê: Onthou die woorde wat Ek gespreek het. Want kyk, julle is diegene wat Ek gekies het om hierdie mense te [a]dien. Daarom sê Ek aan julle, [b]bekommer julle nie oor julle lewe nie, wat julle sal eet, of wat julle sal drink nie; nóg oor julle liggaam, wat julle sal aantrek. Is die lewe nie meer as voedsel, en die liggaam as klere nie?

26 Kyk na die voëls van die lug, want hulle saai nie, nóg maai hulle nóg bring hulle bymekaar in skure; tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie beter as hulle nie?

27 Wie van julle, deur daaraan te dink kan een el voeg by sy lengte?

28 En waarom dink julle aan klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie, nóg spin hulle;

29 En tog sê Ek aan julle, dat selfs Salomo, in al sy heerlikheid, nie geklee was soos een van hierdie nie.

30 Daarom, as God die gras van die veld so klee, wat vandag is, en môre in ʼn oond gewerp word, net so sal Hy julle klee, as julle nie kleingelowig is nie.

31 Daarom dink nie daaraan, en sê, Wat sal ons eet? of, Wat sal ons drink? of, Waarmee sal ons geklee word nie?

18*a* L&V 38:7.
20*a* Hel. 5:8; 8:25.
22*a* L&V 88:67.
24*a* 1 Sam. 7:3.
25*a* GS Dien.
*b* Alma 31:37–38; L&V 84:79–85.

32 Want julle hemelse Vader
weet dat julle al hierdie dinge
nodig het.
33 Maar soek julle eers die [a]ko-
ninkryk van God en sy regverdig-
heid, en al hierdie dinge sal tot
julle bygevoeg word.
34 Dink julle daarom nie oor
môre nie, want môre sal hom be-
kommer oor sy eie dinge. Ge-
noegsaam is die dag aan sy eie
boosheid.

## HOOFSTUK 14

*Jesus gebied: Oordeel nie, vra vir God; pas op vir valse profete—Hy belowe heil aan diegene wat die wil van die Vader doen—Vergelyk Matthéüs 7. Ongeveer 34 n.C.*

EN nou het dit gebeur dat toe
Jesus hierdie woorde gespreek
het, het Hy weer na die skare ge-
draai, en het weer sy mond tot
hulle geopen, en gesê: Voorwaar,
voorwaar, Ek sê vir julle, [a]Oor-
deel nie, sodat julle nie geoordeel
word nie.
2 [a]Want met welke oordeel julle
oordeel, sal julle geoordeel word;
en met welke maat julle meet, sal
weer vir julle gemeet word.
3 En waarom sien jy die splinter
wat in jou broer se oog is, maar
merk nie die balk wat in jou eie
oog is nie?
4 Of hoe sal jy vir jou broer sê:
Laat my die splinter uit jou oog
trek—en kyk, 'n balk is in jou eie
oog?
5 Jou huigelaar, haal eers die
[a]balk uit jou eie oog; en dan sal
jy duidelik sien om die splinter
uit jou broer se oog te haal.
6 Gee nie dit wat [a]heilig is aan
die honde nie, nóg werp julle jul
pêrels voor die varke, sodat hulle
hul nie vertrap onder hulle voete,
en omdraai en julle verskeur nie.
7 [a]Vra, en dit sal gegee word
aan julle; soek, en julle sal vind;
klop, en dit sal vir julle oopge-
maak word.
8 Want elkeen wat vra, ont-
vang; en hy wat soek, vind; en
vir hom wat klop, sal dit oopge-
maak word.
9 Of watter mens is daar onder
julle, wat, as sy seun brood vra,
hom 'n klip sal gee?
10 Of as hy 'n vis vra, sal hy hom
'n slang gee?
11 As julle dan, wat boos is, weet
hoe om goeie gawes aan julle kin-
ders te gee, hoeveel te meer sal
julle Vader wat in die hemel is,
goeie dinge gee aan hulle wat
Hom vra?
12 Daarom, alle dinge wat ook
al julle wil hê dat mense aan julle
moet doen, [a]doen julle net so aan
hulle; want dit is die wet en die
profete.
13 Gaan julle in deur die [a]eng
poort; want wyd is die poort,
en [b]breed is die weg, wat lei na

33*a* Lk. 12:31.
**14** 1*a* JSV Matt. 7:1–2 (Bylae); Joh. 7:24.
2*a* Morm. 8:19.
5*a* Joh. 8:3–11.
6*a* GS Heilig.
7*a* 3 Ne. 27:29. GS Gebed.
12*a* GS Medelye.
13*a* Lk. 13:24; 3 Ne. 27:33.
*b* L&V 132:25.

vernietiging, en baie is daar wat
daar ingaan;
14 Want eng is die [a]poort, en
[b]smal is die weg, wat lei na die
lewe, en daar is [c]min wat dit vind.
15 Pas op vir [a]valse profete,
wat na julle in skaapsklere kom,
maar van binne is hulle roofsug-
tige wolwe.
16 Julle sal hulle ken aan hulle
vrugte. Oes mense druiwe van
dorings, of vye van distels?
17 Net so bring elke goeie boom
goeie vrugte voort; maar ʼn slegte
boom bring slegte vrugte voort.
18 ʼn Goeie boom kan nie slegte
vrugte voortbring nie, nóg kan ʼn
slegte boom goeie vrugte voort-
bring.
19 Elke boom wat nie goeie
vrugte [a]voortbring nie word af-
gekap, en in die vuur gewerp.
20 Daarom, aan hulle [a]vrugte sal
julle hulle ken.
21 Nie elkeen wat aan My sê,
Here, Here, sal ingaan in die ko-
ninkryk van die hemel nie; maar
hy wat die wil doen van my Va-
der wat in die hemel is.
22 Baie sal aan my [a]sê op daar-
die dag: Here, Here, het ons nie
geprofeteer in u Naam, en in u
Naam duiwels uitgewerp, en in
u Naam baie wonderlike werke
gedoen nie?
23 En dan sal Ek aan hulle ver-
klaar: Ek het julle nooit [a]geken
nie; [b]gaan weg van My, julle wat
die ongeregtigheid werk!
24 Daarom, wie ook al hierdie
woorde van My hoor en hulle
doen, hom sal Ek vergelyk met
ʼn verstandige man, wat sy huis
op ʼn [a]rots gebou het—
25 En die [a]reën het geval, en die
vloede het gekom, en die winde
het gewaai, en geslaan teen daar-
die huis; en dit het nie [b]geval nie,
want dit was gevestig op ʼn rots.
26 En elkeen wat hierdie woorde
van my hoor en hulle nie doen
nie, sal vergelyk word met ʼn
dwase man, wat sy huis op die
[a]sand gebou het—
27 En die reën het geval, en die
vloede het gekom, en die winde
het gewaai, en geslaan teen daar-
die huis; en dit het geval, en groot
was die val daarvan.

## HOOFSTUK 15

*Jesus kondig aan dat die wet van Moses in Hom vervul is—Die Nefiete is die ander skape van wie Hy gespreek het in Jerusalem—Vanweë ongeregtigheid weet die Here se volk in Jerusalem nie van die verstrooide skape van Israel nie. Ongeveer 34 n.C.*

1 En nou het dit gebeur dat toe
Jesus hierdie woorde beëindig
het, het Hy rondomheen gekyk
oor die skare, en aan hulle gesê:

14*a* 2 Ne. 9:41; 31:9, 17–18; L&V 22.
*b* 1 Ne. 8:20.
*c* 1 Ne. 14:12.
15*a* Jer. 23:21–32; 2 Ne. 28:9, 12, 15.
19*a* Matt. 3:10; Alma 5:36–41; L&V 97:7.
20*a* Lk. 6:43–45; Moro. 7:5.
22*a* Alma 5:17.
23*a* Mosia 5:13; 26:24–27.
*b* Lk. 13:27.
24*a* GS Rots.
25*a* Alma 26:6; Hel. 5:12.
*b* Spr. 12:7.
26*a* 3 Ne. 11:40.

Kyk, julle het die dinge gehoor
wat Ek geleer het voordat Ek op-
gevaar het na my Vader; daarom,
wie ook al hierdie woorde van my
onthou en hulle [a]doen, hom sal Ek
[b]opwek op die laaste dag.
2 En dit het gebeur dat toe Jesus
hierdie woorde gesê het, het Hy
opgemerk dat daar sommiges
onder hulle was wat verwon-
derd was, en gewonder het wat
Hy wou aangaande die [a]wet van
Moses; want hulle het nie die ge-
segde verstaan dat ou dinge ver-
bygegaan het, en dat alle dinge
nuut geword het nie.
3 En Hy het aan hulle gesê: Ver-
wonder julle nie dat Ek aan julle
gesê het dat ou dinge verbyge-
gaan het, en dat alle dinge nuut
geword het nie.
4 Kyk, Ek sê vir julle dat die [a]wet
vervul is wat aan Moses gegee is.
5 Kyk, Ek is Hy wat die wet ge-
gee het, en [a]Ek is Hy wat die ver-
bond gesluit het met my volk
Israel; daarom, die wet is in My
vervul, want Ek het gekom om
die wet te [b]vervul; daarom het dit
ʹn einde.
6 Kyk, Ek [a]vernietig nie die pro-
fete nie, want soveel as wat nie
in My vervul is nie, voorwaar Ek
sê vir julle, sal alles vervul word.
7 En omdat Ek aan julle gesê
het dat ou dinge verbygegaan
het, vernietig Ek nie dit wat ge-
spreek is aangaande dinge wat
moet kom nie.
8 Want kyk, die [a]verbond wat Ek
met my volk gesluit het is nie al-
les vervul nie; maar die wet wat
gegee is aan Moses, het ʹn einde
in My.
9 Kyk, Ek is die [a]wet, en die [b]lig.
Vertrou op My, en volhard tot die
einde, en julle sal [c]lewe; want aan
hom wat [d]volhard tot die einde
sal Ek die ewige lewe gee.
10 Kyk, Ek het aan julle die [a]ge-
booie gegee; daarom, onderhou
my gebooie. En dit is die wet en
die profete, want hulle het waar-
lik [b]getuig van My.
11 En nou het dit gebeur dat toe
Jesus hierdie woorde gespreek
het, het Hy vir daardie twaalf wat
Hy gekies het gesê:
12 Julle is my dissipels; en julle
is ʹn lig vir hierdie volk, wat ʹn
oorblyfsel is van die huis van [a]Jo-
sef.
13 En kyk, dit is die [a]land van
julle erfenis; en die Vader het dit
aan julle gegee.
14 En nooit te eniger tyd het die
Vader my ʹn bevel gegee dat Ek
dit aan julle broers by Jerusalem
moet [a]vertel nie.
15 Nóg te eniger tyd het die

**15** 1*a* Jak. 1:22.
*b* 1 Ne. 13:37; L&V 5:35.
2*a* GS Wet van Moses.
4*a* Mosia 13:27–31; 3 Ne. 9:17–20.
5*a* 1 Kor. 10:1–4; 3 Ne. 11:14. GS Jehova.
*b* Alma 34:13.
6*a* 3 Ne. 23:1–5.
8*a* 3 Ne. 5:24–26.
9*a* 2 Ne. 26:1.
*b* GS Lig, Lig van Christus.
*c* Joh. 11:25; L&V 84:44.
*d* GS Volhard.
10*a* 3 Ne. 12:20.
*b* Mosia 13:33.
12*a* GS Josef, Seun van Jakob.
13*a* 1 Ne. 18:22–23.
14*a* 3 Ne. 5:20.

Vader My bevel gegee dat Ek aan
hulle moet vertel aangaande die
[a]ander stamme van die huis van
Israel, wat die Vader weggelei het
uit die land nie.
16 Dit het die Vader My gebied,
dat ek aan hulle moet sê:
17 Dat Ek ander skape het wat
nie van hierdie kudde is nie; hulle
ook moet Ek bring, en hulle sal
my stem hoor; en daar sal een
kudde wees, en een [a]Herder.
18 En nou, vanweë hardnekkig-
heid en ongeloof het hulle my
woord nie [a]verstaan nie; daarom
is Ek gebied om niks meer aan-
gaande hierdie dinge van die Va-
der aan hulle te sê nie.
19 Maar, voorwaar, Ek sê vir
julle, dat die Vader My gebied
het, en Ek vertel dit aan julle,
dat julle afgeskei is vanuit hulle
midde vanweë hulle ongeregtig-
heid; daarom is dit vanweë hulle
ongeregtigheid dat hulle nie weet
van julle nie.
20 En voorwaar, Ek sê weer
aan julle dat die Vader die ander
stamme afgeskei het van hulle; en
dit is vanweë hulle ongeregtig-
heid dat hulle nie van hulle weet
nie.
21 En voorwaar Ek sê vir julle,
dat julle hulle is van wie Ek gesê
het: [a]Ander skape het Ek wat nie
van hierdie kudde is nie; hulle
ook moet Ek bring, en hulle sal
my stem hoor; en daar sal een
kudde wees, en een Herder.
22 En hulle het My nie verstaan
nie, want hulle het veronderstel
dat dit die [a]nie-Jode was; want
hulle het nie verstaan dat die nie-
Jode [b]bekeer sou word deur hulle
prediking nie.
23 En hulle het My nie verstaan
toe Ek gesê het dat hulle my stem
sal hoor nie; en hulle het My nie
verstaan dat die [a]nie-Jode nooit
te eniger tyd my stem sou hoor
nie—dat Ek My nie sou openbaar
aan hulle, tensy dit deur die [b]Hei-
lige Gees was nie.
24 Maar kyk, julle het beide [a]my
stem gehoor, en My gesien; en
julle is my skape, en julle word
gereken onder diegene wat die
Vader My [b]gegee het.

## HOOFSTUK 16

*Jesus sal ander van die verlore skape van Israel besoek—In die laaste dae sal die evangelie na die nie-Jode gaan en dan na die huis van Israel—Die Here se volk sal van oog tot oog sien wanneer Hy weer Sion bring. Ongeveer 34 n.C.*

En voorwaar, voorwaar, Ek sê
vir julle dat Ek [a]ander skape het,
wat nie van hierdie land is nie,
nóg van die land Jerusalem, nóg

15*a* 3 Ne. 16:1–4. GS Israel—Die tien verlore stamme van Israel.
17*a* GS Goeie Herder.
18*a* L&V 10:59.
21*a* Joh. 10:14–16.
22*a* GS Nie-Jode.
*b* Hand. 10:34–48.
23*a* Matt. 15:24.
*b* 1 Ne. 10:11. GS Heilige Gees.
24*a* Alma 5:38; 3 Ne. 16:1–5.
*b* Joh. 6:37; L&V 27:14.
**16** 1*a* 3 Ne. 15:15. GS Israel—Die tien verlore stamme van Israel.

in enige dele van daardie land rondom waarheen Ek gegaan het om te dien.

2 Want hulle van wie Ek spreek is hulle wat nog nie my stem gehoor het nie; nóg het Ek my ooit te eniger tyd aan hulle geopenbaar.

3 Maar Ek het ʼn bevel ontvang van die Vader dat Ek na [a]hulle sal gaan, en dat hulle my stem sal hoor, en gereken sal word onder my skape, dat daar een kudde en een herder mag wees; daarom gaan Ek om Myself aan hulle te toon.

4 En ek gebied julle dat julle hierdie [a]woorde sal skryf nadat Ek weggegaan het, sodat indien dit so sal wees dat my volk by Jerusalem, hulle wat My gesien het en by My was in my bediening, nie die Vader in my Naam vra nie, sodat hulle ʼn kennis mag ontvang van julle deur die Heilige Gees, en ook van die ander stamme van wie hulle nie weet nie, sodat hierdie woorde wat julle sal skryf, behou sal word en openbaar sal word aan die [b]nie-Jode, sodat deur die volheid van die nie-Jode, die oorblyfsel van hul saad, wat verstrooi sal word oor die aangesig van die aarde vanweë hul ongeloof, ingebring mag word, of gebring mag word tot ʼn [c]kennis van My, hulle Verlosser.

5 En dan sal Ek hulle [a]bymekaarmaak van die vier hoeke van die aarde; en dan sal Ek die [b]verbond vervul wat die Vader gesluit het met al die mense van die [c]huis van Israel.

6 En geseënd is die [a]nie-Jode, vanweë hulle geloof in My, in en deur die [b]Heilige Gees, wat getuig aan hulle van My en van die Vader.

7 Kyk, vanweë hulle geloof in My, sê die Vader, en vanweë die ongeloof van julle, o huis van Israel, in die [a]laaste dae sal die waarheid na die nie-Jode kom, sodat die volheid van hierdie dinge bekend gemaak sal word aan hulle.

8 Maar wee, sê die Vader, oor die ongelowiges van die nie-Jode—want nieteenstaande hulle verskyn het op die aangesig van hierdie land, en my volk [a]verstrooi het wat van die huis van Israel is; en my volk wat van die huis van Israel is, is [b]uitgewerp onder hulle, en is vertrap onder hulle voete;

9 En vanweë die barmhartigheid van die Vader aan die nie-Jode, en ook die oordele van die Vader oor my volk wat van die huis van Israel is, voorwaar, voorwaar, Ek sê

3*a* 3 Ne. 17:4.
4*a* GS Skrifture.
*b* 1 Ne. 10:14; 3 Ne. 21:6.
*c* Eség. 20:42–44; 3 Ne. 20:13.
5*a* GS Israel—Die versameling van Israel.
*b* 3 Ne. 5:24–26.
*c* 1 Ne. 22:9; 3 Ne. 21:26–29.
6*a* 1 Ne. 13:30–42; 2 Ne. 30:3.
*b* 2 Ne. 32:5; 3 Ne. 11:32, 35–36. GS Heilige Gees.
7*a* GS Herstelling van die Evangelie.
8*a* 1 Ne. 13:14; Morm. 5:9, 15.
*b* 3 Ne. 20:27–29.

vir julle, dat na dit alles, en Ek het
my volk wat van die huis van Is-
rael is, laat slaan, en laat kwel, en
[a]doodslaan, en uitwerp van on-
der hulle, en laat haat deur hulle,
en ′n bespotting en ′n smaad laat
word onder hulle—
10 En so gebied die Vader dat
Ek aan julle moet sê: Op daar-
die dag wanneer die nie-Jode sal
sondig teen my evangelie, en die
volheid sal verwerp van my evan-
gelie, en [a]verhef sal wees in die
hoogmoed van hulle harte bo alle
nasies, en bo al die volke van die
hele aarde, en gevul sal wees met
allerlei soorte leuens, en bedrieë-
rye, en kwaadstigting, en aller-
lei soorte huigelary, en moorde,
en [b]priesterliste, en hoererye, en
van geheime gruwels; en as hulle
al daardie dinge sal doen, en die
volheid sal verwerp van my evan-
gelie, kyk, sê die Vader, sal Ek die
volheid van my evangelie neem
van onder hulle.
11 En dan sal Ek my verbond
[a]onthou wat Ek met my volk ge-
sluit het, o huis van Israel, en Ek
sal my evangelie na hulle bring.
12 En Ek sal aan julle wys, o
huis van Israel, dat die nie-Jode
nie mag sal hê oor julle nie; maar
Ek sal my verbond met julle ont-
hou, o huis van Israel, en julle sal
kom tot die [a]kennis van die vol-
heid van my evangelie.
13 Maar as die nie-Jode sal be-
keer en terugkeer na My, sê die
Vader, kyk, hulle sal [a]gereken
word onder my volk, o huis van
Israel.
14 En Ek sal nie my volk toelaat,
wat van die huis van Israel is, om
deur te gaan onder hulle, en hulle
te vertrap nie, sê die Vader.
15 Maar as hulle nie na My keer
nie, en ag slaan op my stem nie,
sal Ek hulle toelaat, ja, Ek sal my
volk toelaat, o huis van Israel, dat
hulle sal deurgaan onder hulle, en
hulle sal hulle [a]vertrap, en hulle
sal wees soos sout wat sy smaak
verloor het, wat daarna vir niks
deug nie behalwe om uitgegooi
te word, en om vertrap te word
onder die voete van my volk, o
huis van Israel.
16 Voorwaar, voorwaar, Ek sê
vir julle, so het die Vader my ge-
bied—dat Ek aan hierdie volk
hierdie land moet gee as hulle
erfenis.
17 En dan sal die [a]woorde van
die profeet Jesaja vervul word,
wat sê:
18 [a]Julle [b]wagte sal die stem ver-
hef; met die stem tesame sal hulle
sing, want hulle sal sien oog tot
oog wanneer die Here weer Sion
sal bring.
19 Breek uit in gejubel, sing
saam, julle puinhope van Je-
rusalem; want die Here het sy

9 *a* Amos 9:1–4.
10 *a* Morm. 8:35–41.
*b* 2 Ne. 26:29.
11 *a* 3 Ne. 21:1–11; Morm. 5:20.
12 *a* Hel. 15:12–13.
13 *a* Gal. 3:7, 29; 1 Ne. 15:13–17; 2 Ne. 10:18; 3 Ne. 30:2; Abr. 2:9–11.
15 *a* Miga 5:7–14; 3 Ne. 20:16–19; 21:12–21; L&V 87:5.
17 *a* 3 Ne. 20:11–12.
18 *a* Jes. 52:8–10.
*b* Eség. 33:1–7. GS Waak, Wagte.

volk vertroos, Hy het Jerusalem
verlos.
20 Die Here het sy heilige arm
ontbloot voor die oë van al die na-
sies; en al die eindes van die aarde
sal die heil van God sien.

## HOOFSTUK 17

*Jesus gee die volk opdrag om sy woorde te bepeins en te bid vir begrip—Hy genees hulle siekes—Hy bid vir die volk, en gebruik taal wat nie geskrywe kan word nie—Engele dien vir, en vuur omring hulle klein kindertjies. Ongeveer 34 n.C.*

KYK, nou het dit gebeur dat toe
Jesus hierdie woorde gespreek het,
het Hy weer rondomheen gekyk
na die skare, en hy het aan hulle
gesê: Kyk, my [a]tyd is op hande.
2 Ek merk dat julle swak is, dat
julle nie al my woorde kan [a]ver-
staan wat Ek deur die Vader ge-
bied is om met julle te spreek op
hierdie tyd nie.
3 Daarom, gaan julle na julle
huise, en [a]peins oor die dinge
wat Ek gesê het, en vra vir die
Vader, in my Naam, sodat julle
mag verstaan, en [b]berei julle ge-
dagtes voor vir [c]môre, en Ek kom
weer na julle.
4 Maar nou [a]gaan Ek na die Va-
der, en ook om Myself te [b]toon
aan die [c]verlore stamme van Is-
rael, want hulle is nie verlore
vir die Vader nie, want Hy weet
waarheen Hy hulle geneem het.
5 En dit het gebeur dat toe
Jesus so gespreek het, het Hy
weer rondomheen gekyk oor die
skare, en gesien dat hulle in trane
was, en standvastig na Hom ge-
kyk het asof hulle Hom wou vra
om nog 'n rukkie langer te bly by
hulle.
6 En Hy het aan hulle gesê: Kyk,
my binneste is gevul met [a]ontfer-
ming teenoor julle.
7 Het julle eniges onder julle wat
siek is? Bring hulle hierheen. Het
julle eniges wat lam is, of blind,
of mank, of vermink, of melaats,
of wat verdor is, of wat doof is,
of wat op enige manier gekwel
is? Bring hulle hierheen en Ek sal
hulle genees, want Ek ontferm
My oor julle; my binneste is ge-
vul met barmhartigheid.
8 Want Ek merk dat julle begeer
dat Ek aan julle moet toon wat Ek
vir julle broers by Jerusalem ge-
doen het, want Ek sien dat julle
[a]geloof [b]voldoende is dat Ek julle
kan genees.
9 En dit het gebeur dat toe Hy
so gespreek het, het die hele skare
saam uitgegaan, met hulle siekes
en hulle gekweldes, en hulle ver-
lamdes, en met hulle blindes, en
met hulle stommes, en met hulle
almal wat gekwel is op enige
wyse; en Hy het hulle elkeen

**17** 1*a* DI om na die Vader terug te keer. Sien vers 4.
2*a* Joh. 16:12; L&V 78:17–18.
3*a* GS Peins.
*b* L&V 132:3.
*c* 3 Ne. 19:2.
4*a* 3 Ne. 18:39.
*b* 3 Ne. 16:1–3.
*c* GS Israel—Die tien verlore stamme van Israel.
6*a* GS Medelye.
8*a* Lk. 18:42.
*b* 2 Ne. 27:23; Ether 12:12.

[a]genees soos hulle vorentoe gebring is na Hom.
10 En hulle het almal, beide
hulle wat genees is en hulle wat
gesond was, neergebuig aan sy
voete, en het Hom aanbid; en soveel as wat kon kom ten spyte van
die skare, het sy voete [a]gesoen, in
soverre dat hulle sy voete natgemaak het met hulle trane.
11 En dit het gebeur dat Hy gebied het dat hulle [a]klein kindertjies gebring moes word.
12 Dus het hulle hul klein kindertjies gebring en hulle neergesit op die grond rondom Hom, en
Jesus het in die middel gestaan; en
die skare het plek gemaak totdat
hulle almal na Hom gebring is.
13 En dit het gebeur dat nadat
hulle almal gebring is, en Jesus
in die middel gestaan het, het Hy
die skare gebied dat hulle moes
[a]neerkniel op die grond.
14 En dit het gebeur dat toe hulle
neergekniel het op die grond, het
Jesus bewoë geword, en gesê: Vader, Ek is [a]verontrus vanweë die
boosheid van die volk van die
huis van Israel.
15 En toe Hy hierdie woorde
gesê het, het Hy self ook gekniel
op die aarde; en kyk, Hy het gebid
tot die Vader, en die dinge wat Hy
gebid het kan nie geskrywe word
nie, en die skare het getuienis gelewer wat Hom gehoor het.
16 En op hierdie wyse lewer
hulle getuienis: Die [a]oog het voorheen nooit gesien, nóg het die
oor gehoor, sulke groot en wonderbaarlike dinge soos wat ons
gesien en gehoor het wat Jesus gespreek het tot die Vader nie;
17 En geen [a]tong kan spreek,
nóg kan daar geskryf word deur
enige mens, nóg kan die harte
van mense sulke groot en wonderbaarlike dinge indink, as wat
ons beide gesien en gehoor het
Jesus spreek; en niemand kan indink die vreugde wat ons siele
gevul het ten tyde dat ons Hom
gehoor bid het vir ons tot die
Vader nie.
18 En dit het gebeur dat toe
Jesus ′n einde gemaak het om
te bid tot die Vader, het Hy opgestaan; maar so groot was die
[a]vreugde van die skare dat hulle
oorweldig was.
19 En dit het gebeur dat Jesus tot
hulle gespreek het en hulle gebied
het om op te staan.
20 En hulle het opgestaan van
die aarde, en Hy het aan hulle
gesê: Geseënd is julle vanweë
julle geloof. En nou kyk, my
vreugde is vol.
21 En toe Hy hierdie woorde
gesê het, het Hy [a]geween, en die
skare het daarvan getuienis gelewer, en Hy het hulle klein kindertjies geneem, een vir een, en
hulle [b]geseën, en tot die Vader gebid vir hulle.

9*a* Mosia 3:5; 3 Ne. 26:15.
10*a* Lk. 7:38.
11*a* Matt. 19:13–14; 3 Ne. 26:14, 16.
13*a* Lk. 22:41; Hand. 20:36.
14*a* Moses 7:41.
16*a* Jes. 64:4; 1 Kor. 2:9; L&V 76:10, 114–119.
17*a* 2 Kor. 12:4.
18*a* GS Vreugde.
21*a* Joh. 11:35.
*b* Mark. 10:14–16.

22 En toe Hy dit gedoen het, het
Hy weer geween;
23 En Hy het met die skare gespreek, en aan hulle gesê: Aanskou julle klein kindertjies.
24 En toe hulle kyk om te sien,
het hulle hul oë hemelwaarts gerig, en hulle het die hemele sien oopgaan, en hulle het engele sien neerdaal uit die hemel as't ware te midde van vuur; en hulle het neergedaal en daardie klein kindertjies [a]omring, en hulle was omring met vuur; en die engele het hulle gedien.
25 En die skare het gesien en
gehoor en getuienis gelewer; en hulle weet dat hulle getuienis waar is, want hulle almal het gesien en gehoor, elke man vir homself; en hulle was in getal omtrent tweeduisend vyfhonderd siele; en hulle het bestaan uit mans, vroue en kinders.

## HOOFSTUK 18

*Jesus stel die nagmaal in onder die Nefiete—Hulle word gebied om altyd te bid in sy Naam—Diegene wat onwaardig sy vlees eet en sy bloed drink, word verdoem—Die dissipels word mag gegee om die Heilige Gees te skenk. Ongeveer 34 n.C.*

En dit het gebeur dat Jesus sy dissipels gebied het dat hulle [a]brood en wyn na Hom moes bring.
2 En terwyl hulle weg was om
brood en wyn te gaan haal, het Hy die skare gebied dat hulle moes gaan sit op die grond.
3 En toe die dissipels gekom het
met [a]brood en wyn, het Hy van die brood geneem en dit gebreek en geseën; en Hy het aan die dissipels gegee en gebied dat hulle moes eet.
4 En toe hulle geëet het en ge-
vul was, het Hy gebied dat hulle moes gee aan die skare.
5 En toe die skare geëet het en
gevul was, het Hy aan die dissipels gesê: Kyk, daar sal een onder julle geordineer word, en aan hom sal Ek mag gee dat hy brood sal [a]breek en dit seën en dit gee aan die mense van my kerk, aan al diegene wat sal glo en gedoop word in my Naam.
6 En dit sal julle altyd nastreef
om te doen, net soos Ek gedoen het, net soos Ek brood gebreek het en dit geseën het en dit gegee het aan julle.
7 En dit sal julle doen [a]ter ge-
dagtenis van my liggaam, wat Ek getoon het aan julle. En dit sal 'n getuienis wees tot die Vader dat julle My altyd onthou. En as julle My altyd onthou, sal julle my Gees hê om met julle te wees.
8 En dit het gebeur dat toe Hy
hierdie woorde gesê het, het Hy sy dissipels gebied dat hulle van die wyn van die beker moes neem en daarvan drink, en dat hulle ook aan die skare moes gee sodat hulle daarvan mag drink.
9 En dit het gebeur dat hulle dit

24*a* Hel. 5:23–24, 43–45.
**18** 1*a* Matt. 26:26–28.
3*a* GS Nagmaal.
5*a* Moro. 4.
7*a* Moro. 4:3.

gedoen het, en daarvan gedrink het en gevul is; en hulle het aan die skare gegee, en hulle het gedrink, en hulle is gevul.

10 En toe die dissipels dit gedoen het, het Jesus aan hulle gesê: Geseënd is julle vanweë hierdie ding wat julle gedoen het, want dit is ′n vervulling van my gebooie, en dit getuig aan die Vader dat julle gewillig is om dit te doen wat Ek julle gebied het.

11 En dit sal julle altyd doen aan diegene wat bekeer en gedoop word in my Naam; en julle sal dit doen ter gedagtenis van my bloed, wat Ek gestort het vir julle, sodat julle mag getuig aan die Vader dat julle My altyd onthou. En as julle My altyd onthou, sal julle my Gees hê om met julle te wees.

12 En Ek gee aan julle ′n gebod dat julle hierdie dinge sal doen. En as julle altyd hierdie dinge sal doen, geseënd is julle, want julle is gebou op my [a]rots.

13 Maar wie ook al onder julle meer of minder sal doen as hierdie dinge is nie gebou op my rots nie, maar is gebou op ′n sanderige fondament; en wanneer die reën val, en die vloede kom, en die winde waai, en teen hulle slaan, sal hulle [a]val, en die [b]poorte van die hel is reeds oop om hulle te ontvang.

14 Daarom, geseënd is julle as julle my gebooie sal onderhou, wat die Vader My gebied het dat Ek aan julle moet gee.

15 Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, julle moet altyd waak en [a]bid, sodat julle nie versoek word deur die duiwel nie, en julle gevange weggevoer word deur hom nie.

16 En soos Ek onder julle gebid het, net so moet julle bid in my kerk, onder my volk wat bekeer en gedoop word in my Naam. Kyk, Ek is die [a]lig; Ek het ′n [b]voorbeeld gestel vir julle.

17 En dit het gebeur dat toe Jesus hierdie woorde met sy dissipels gespreek het, het Hy weer na die skare gedraai en aan hulle gesê:

18 Kyk, voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, julle moet altyd waak en bid sodat julle nie in die versoeking kom nie; want [a]Satan begeer om julle te hê, sodat Hy julle kan sif soos koring.

19 Daarom, julle moet altyd bid tot die Vader in my Naam;

20 En wat [a]ook al julle die Vader sal vra in my Naam, wat reg is, en glo dat julle sal ontvang, kyk, dit sal aan julle gegee word.

21 [a]Bid in julle gesinne tot die Vader, altyd in my Naam, sodat julle vroue en julle kinders geseënd mag wees.

22 En kyk, julle moet dikwels

12*a* GS Rots.
13*a* GS Afval.
*b* 3 Ne. 11:39.
15*a* Alma 34:17–27. GS Gebed.
16*a* GS Lig, Lig van Christus.
*b* GS Jesus Christus—Voorbeeld van Jesus Christus.
18*a* Lk. 22:31; 2 Ne. 2:17–18; L&V 10:22–27.
20*a* Matt. 21:22; Hel. 10:5; Moro. 7:26; L&V 88:63–65.
21*a* Alma 34:21.

bymekaar kom; en julle sal geen
mens verbied om na julle te
kom wanneer julle bymekaar
sal kom nie, maar laat hulle toe
om na julle te kom en verbied
hulle nie;
23 Maar julle sal [a]bid vir hulle,
en sal hulle nie uitwerp nie; en as
dit so is dat hulle dikwels na julle
kom, sal julle bid vir hulle tot die
Vader, in my Naam.
24 Daarom, hou julle [a]lig om-
hoog sodat dit mag skyn vir die
wêreld. Kyk, Ek is die [b]lig wat
julle sal omhoog hou—dit wat
julle My sien doen het. Kyk, julle
sien dat Ek gebid het tot die Va-
der, en julle almal het gesien.
25 En julle sien dat Ek gebied
het dat [a]niemand van julle moet
weggaan nie, maar het eerder ge-
bied dat julle tot My moet kom,
sodat julle mag [b]voel en sien; net
so moet julle doen aan die wêreld;
en wie ook al hierdie gebod ver-
breek, laat homself toe om in ver-
soeking gelei te word.
26 En nou het dit gebeur dat toe
Jesus hierdie woorde gespreek
het, het Hy weer sy oë gekeer na
die dissipels wat hy gekies het, en
het aan hulle gesê:
27 Kyk voorwaar, voorwaar Ek
sê vir julle, Ek gee aan julle ʼn
ander gebod, en dan moet Ek na
my [a]Vader gaan sodat Ek [b]ander
gebooie mag vervul wat Hy My
gegee het.
28 En nou kyk, hierdie is die ge-
bod wat Ek aan julle gee, dat julle
niemand bewustelik sal toelaat
om [a]onwaardiglik te [b]neem van
my vlees en bloed wanneer julle
dit sal bedien nie;
29 Want wie ook al my vlees
en [a]bloed [b]onwaardiglik eet en
drink, eet en drink verdoemenis
tot sy siel; daarom, as julle weet
dat ʼn man onwaardig is om te eet
en drink van my vlees en bloed,
sal julle hom verbied.
30 Nogtans, julle sal hom nie
[a]uitwerp van onder julle nie, maar
julle sal hom dien en sal vir hom
bid tot die Vader, in my Naam; en
as dit so is dat hy bekeer en ge-
doop word in my Naam, dan sal
julle hom ontvang, en sal aan hom
van my vlees en bloed bedien.
31 Maar as hy nie bekeer nie, sal
hy nie gereken word onder my
volk nie, sodat hy my volk nie
vernietig nie, want kyk ek ken
[a]my skape, en hulle is getel.
32 Nogtans, julle sal hom nie uit-
werp uit julle sinagoges, of julle
plekke van aanbidding nie, want
diesulkes sal julle aanhou om te
dien; want julle weet nie of hulle
sal terugkom en bekeer, en na My
kom met volle voorneme van hart
nie, en Ek sal hulle [a]genees; en

23*a* 3 Ne. 18:30.
24*a* Matt. 5:16.
*b* Mosia 16:9.
25*a* Alma 5:33.
*b* 3 Ne. 11:14–17.
27*a* GS God, Godheid—God die Vader.
*b* 3 Ne. 16:1–3.
28*a* Morm. 9:29.
*b* 1 Kor. 11:27–30.
29*a* GS Bloed; Nagmaal.
*b* L&V 46:4.
30*a* L&V 46:3.
31*a* Joh. 10:14; Alma 5:38; 3 Ne. 15:24.
32*a* 3 Ne. 9:13–14; L&V 112:13.

julle sal die middel wees om heil na hulle te bring.

33 Daarom, onderhou hierdie woorde wat Ek julle gebied het, sodat julle nie onder [a]oordeel kom nie, want wee hom vir wie die Vader veroordeel.

34 En Ek gee julle hierdie gebooie vanweë die twiste wat onder julle was. En geseënd is julle as julle [a]geen twiste onder julle het nie.

35 En nou gaan Ek na die Vader, want dit is raadsaam dat Ek na die Vader gaan [a]om julle onthalwe.

36 En dit het gebeur dat toe Jesus ′n einde gemaak het aan hierdie woorde, het Hy met sy [a]hand die [b]dissipels aangeraak wat Hy gekies het, een vir een, totdat Hy hulle almal aangeraak het, en het met hulle gespreek terwyl Hy hulle aangeraak het.

37 En die skare het nie die woorde gehoor wat Hy gespreek het nie, daarom het hulle nie getuienis gelewer nie; maar die dissipels het getuienis gelewer dat Hy hulle [a]mag gegee het om die [b]Heilige Gees te skenk. En ek sal aan julle toon dat hierdie getuienis waar is.

38 En dit het gebeur dat toe Jesus hulle almal aangeraak het, het daar ′n [a]wolk gekom en die skare oorskadu dat hulle Jesus nie kon sien nie.

39 En terwyl hulle oorskadu was, het Hy weggegaan van hulle, en het opgevaar in die hemel. En die dissipels het gesien en getuienis gelewer dat Hy weer opgevaar het in die hemel.

## HOOFSTUK 19

*Die twaalf dissipels dien die volk en bid om die Heilige Gees—Die dissipels word gedoop en ontvang die Heilige Gees en die bediening van engele—Jesus bid en gebruik woorde wat nie geskrywe kan word nie—Hy getuig van die uitermate groot geloof van hierdie Nefiete. Ongeveer 34 n.C.*

En nou het dit gebeur dat nadat Jesus opgevaar het in die hemel, het die skare uiteengegaan en elke man het sy vrou en sy kinders geneem en het na sy eie huis teruggekeer.

2 En dit is onmiddellik ver en wyd onder die volk bekendgemaak, voordat dit nog donker was, dat die skare Jesus gesien het, en dat Hy hulle gedien het, en dat Hy ook Homself die volgende dag aan die skare sou toon.

3 Ja, en wel deur die hele nag is dit ver en wyd bekend gemaak aangaande Jesus; en in so ′n mate het hulle aan die volk uitgestuur met die gevolg dat daar baie was, ja, ′n uitermate groot getal, het uitermate hard gewerk daardie hele

33*a* GS Veroordeel, Veroordeling.
34*a* 3 Ne. 11:28–30.
35*a* 1 Joh. 2:1; 2 Ne. 2:9; Moro. 7:27–28; L&V 29:5.
36*a* GS Hande, Oplegging van.
*b* 1 Ne. 12:7; 3 Ne. 19:4.
37*a* GS Krag.
*b* GS Gawe van die Heilige Gees.
38*a* Ex. 19:9, 16.

nag sodat hulle die volgende dag
op die plek mag wees waar Jesus
Homself aan die skare sou toon.
4 En dit het gebeur dat die vol-
gende dag, toe die skare byme-
kaargekom het, kyk, Nefi en sy
broer wat hy opgewek het uit
die dood, wie se naam Timót-
heüs was, en ook sy seun, wie se
naam Jonas was, en ook Mathoni,
en Mathoniha, sy broer, en Ku-
men, en Kumenonhi, en Jeremia,
en Semnon, en Jonas, en Sedekía,
en Jesaja—nou hierdie was die
name van die dissipels wat Jesus
gekies het—en dit het gebeur dat
hulle uitgegaan en in die midde
van die skare gaan staan het.
5 En kyk, die skare was so groot
met die gevolg dat hulle hul in
twaalf groepe laat verdeel het.
6 En die twaalf het die skare on-
derrig; en kyk, hulle het die skare
laat neerkniel op die aangesig van
die aarde, en laat bid tot die Va-
der in die Naam van Jesus.
7 En die dissipels het ook gebid
tot die Vader in die Naam van
Jesus. En dit het gebeur dat hulle
opgestaan het en die volk gedien
het.
8 En toe hulle daardie selfde
woorde bedien het wat Jesus ge-
spreek het—sonder afwyking
van die woorde wat Jesus ge-
spreek het—kyk, het hulle weer
gekniel en gebid tot die Vader in
die Naam van Jesus.
9 En hulle het gebid om dit wat
hulle die meeste begeer het; en
hulle het begeer dat die [a]Heilige
Gees aan hulle gegee moes word.
10 En nadat hulle so gebid het,
het hulle afgegaan na die water-
kant, en die skare het hulle ge-
volg.
11 En dit het gebeur dat Nefi af-
gegaan het [a]in die water in en ge-
doop is.
12 En hy het opgekom uit die
water en het begin om te doop.
En hy het al diegene gedoop wat
deur Jesus gekies is.
13 En dit het gebeur nadat hulle
almal [a]gedoop is en opgekom het
uit die water, het die Heilige Gees
op hulle geval, en hulle is gevul
met die [b]Heilige Gees en met
vuur.
14 En kyk, hulle is [a]omring soos
met vuur; en dit het neergedaal
van die hemel, en die skare het
dit gesien, en het getuienis gele-
wer; en engele het neergedaal uit
die hemel en hulle gedien.
15 En dit het gebeur dat terwyl
die engele die dissipels gedien
het, kyk, het Jesus gekom en ge-
staan in hul midde en hulle ge-
dien.
16 En dit het gebeur dat Hy met
die skare gespreek het, en hulle
gebied het dat hulle weer moes
neerkniel op die aarde, en ook
dat sy dissipels moes neerkniel
op die aarde.
17 En dit het gebeur dat toe
hulle almal neergekniel het op

**19** 9*a* 3 Ne. 9:20.
11*a* 3 Ne. 11:23.
13*a* GS Doop.
*b* 3 Ne. 12:2; Morm. 7:10. GS Gawe van die Heilige Gees.
14*a* Hel. 5:23–24, 43–45; 3 Ne. 17:24.

die aarde, het Hy sy dissipels gebied dat hulle moes bid.
18 En kyk, hulle het begin om te bid; en hulle het gebid tot Jesus, en Hom hulle Here en hulle God genoem.
19 En dit het gebeur dat Jesus weggegaan het uit hulle midde, ʼn entjie van hulle af gegaan het en homself neergebuig het op die aarde, en Hy het gesê:
20 Vader, Ek dank U dat U die Heilige Gees gegee het aan diegene wat Ek gekies het; en dit is vanweë hulle geloof in My dat Ek hulle gekies het uit die wêreld.
21 Vader, Ek bid U dat U die Heilige Gees sal gee aan al diegene wat in hulle woorde sal glo.
22 Vader, U het hulle die Heilige Gees gegee omdat hulle in My glo; en U sien dat hulle in My glo omdat U hulle hoor, en hulle bid tot My; en hulle bid tot My omdat Ek met hulle is.
23 En nou Vader, Ek bid tot U vir hulle, en ook vir al diegene wat in hulle woorde sal glo, sodat hulle in My mag glo, sodat Ek in hulle mag wees [a]soos U, Vader, in My is, sodat ons [b]een mag wees.
24 En dit het gebeur dat nadat Jesus so gebid het tot die Vader, het Hy na sy dissipels gekom, en kyk, hulle het nog aangehou, sonder ophou, om te bid tot Hom; en hulle het nie [a]baie woorde gebruik nie, want dit is gegee aan hulle wat hulle moes [b]bid, en hulle was gevul met begeerte.
25 En dit het gebeur dat Jesus hulle geseën het terwyl hulle tot Hom gebid het; en sy gelaat het vir hulle geglimlag, en die lig van sy [a]gelaat het geskyn op hulle, en kyk, hulle was so [b]wit soos die gelaat en ook die kleding van Jesus; en kyk die witheid daarvan het al die witheid oortref, ja, waarlik kon daar niks op aarde wees so wit as die witheid daarvan nie.
26 En Jesus het aan hulle gesê: Bid sonder ophou; en hulle het nie opgehou om te bid nie.
27 En Hy het weer van hulle af weggedraai, en ʼn entjie weggegaan en Homself neergebuig op die aarde; en Hy het weer gebid tot die Vader, en gesê:
28 Vader, Ek dank U dat U diegene [a]gereinig het wat Ek gekies het, vanweë hulle geloof, en Ek bid vir hulle, en ook vir hulle wat sal glo in hulle woorde, sodat hulle gereinig mag word in My, deur geloof in hulle woorde, net soos hulle gereinig word in My.
29 Vader, Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir diegene wat U My gegee het [a]uit die wêreld, vanweë hulle geloof, dat hulle gereinig mag word in My, dat Ek in hulle mag wees soos U, Vader, in My is, dat ons een mag wees, dat Ek verheerlik mag word in hulle.

23*a* 3 Ne. 9:15.
*b* Joh. 17:21–23.
GS Eenheid.
24*a* Matt. 6:7.
*b* L&V 46:30.
25*a* Núm. 6:23–27.
*b* GS Transfigurasie—Getransfigureerde wesens.
28*a* Moro. 7:48; L&V 50:28–29; 88:74–75.
GS Suiwer, Suiwerheid.
29*a* Joh. 17:6.

30 En toe Jesus hierdie woorde gespreek het, het Hy weer na sy dissipels gekom; en kyk, hulle het standvastig gebid, sonder ophou, tot Hom; en Hy het weer vir hulle geglimlag; en kyk hulle was [a]wit, net soos Jesus.

31 En dit het gebeur dat Hy weer ʼn entjie weggegaan het en gebid het tot die Vader;

32 En tong kan nie die woorde spreek wat Hy gebid het nie, nóg kan [a]geskryf word deur die mens die woorde wat Hy gebid het.

33 En die skare het gehoor en getuienis gelewer; en hulle harte was oop en hulle het in hul harte die woorde begryp wat Hy gebid het.

34 Nogtans, so groot en wonderbaarlik was die woorde wat Hy gebid het, dat hulle nie geskrywe kan word nie, nóg kan hulle [a]geuiter word deur die mens.

35 En dit het gebeur dat toe Jesus ʼn einde gemaak het om te bid, het Hy weer na die dissipels gekom, en aan hulle gesê: Sulke groot [a]geloof het Ek nooit gesien onder al die Jode nie; daarom kon Ek nie aan hulle sulke groot wonderwerke toon nie, vanweë hulle [b]ongeloof.

36 Voorwaar Ek sê vir julle, daar is niemand van hulle wat sulke groot dinge gesien het as wat julle gesien het nie; nóg het hulle sulke groot dinge gehoor as wat julle gehoor het.

## HOOFSTUK 20

*Jesus voorsien brood en wyn wonderbaarlik en bedien weer die nagmaal aan die volk—Die oorblyfsel van Jakob sal kom tot die kennis van die Here hulle God en sal die Amerikas beërwe—Jesus is die profeet soos Moses, en die Nefiete is kinders van die profete—Andere van die Here se volk sal versamel word na Jerusalem. Ongeveer 34 n.C.*

En dit het gebeur dat Hy die skare gebied het dat hulle moes ophou om te bid, en ook sy dissipels. En Hy het hulle gebied dat hulle nie moes ophou om te [a]bid in hulle harte nie.

2 En Hy het hulle gebied dat hulle moes opstaan en op hulle voete staan. En hulle het opgestaan en op hulle voete gestaan.

3 En dit het gebeur dat Hy weer brood gebreek het en dit geseën het, en gegee het aan die dissipels om te eet.

4 En toe hulle geëet het, het Hy hulle gebied dat hulle brood moes breek, en aan die skare gee.

5 En toe hulle aan die skare gegee het, het Hy hulle ook wyn gegee om te drink, en hulle gebied dat hulle aan die skare moes gee.

6 Nou, daar was geen [a]brood, nóg wyn, gebring deur die dissipels, nóg deur die skare;

7 Maar Hy het waarlik aan hulle brood [a]gegee om te eet, en ook wyn om te drink.

---

30*a* Matt. 17:2.
32*a* L&V 76:116.
34*a* 2 Kor. 12:4; 3 Ne. 17:17.
35*a* GS Geloof, Glo.
*b* Matt. 13:58. GS Ongeloof.
**20** 1*a* 2 Ne. 32:9; Mosia 24:12.
6*a* Matt. 14:19–21.
7*a* Joh. 6:9–14.

8 En Hy het aan hulle gesê: Hy
wat hierdie brood [a]eet, eet van
my liggaam tot sy siel; en hy wat
drink van hierdie wyn, drink van
my bloed tot sy siel; en sy siel sal
nooit honger nóg dors, maar sal
gevul wees.
9 Nou, toe die skare almal geëet
en gedrink het, kyk, is hulle ver-
vul deur die Gees; en hulle het
uitgeroep met een stem, en Jesus
geloof, vir wie hulle beide gesien
en gehoor het.
10 En dit het gebeur dat toe
hulle almal Jesus geloof het, het
Hy aan hulle gesê: Kyk, nou vol-
bring Ek die gebod wat die Vader
My gebied het aangaande hierdie
volk, wat 'n oorblyfsel is van die
huis van Israel.
11 Julle onthou dat Ek met julle
gespreek het, en gesê het dat
wanneer die [a]woorde van [b]Jesaja
vervul sou word—kyk, hulle is
geskrywe, julle het hulle voor
julle, daarom, ondersoek hulle—
12 En voorwaar, voorwaar, Ek
sê vir julle, dat wanneer hulle
vervul sal word, dan is die ver-
vulling van die [a]verbond wat die
Vader gesluit het met sy volk, o
huis van Israel.
13 En dan sal die [a]oorblyfsels,
wat ver en wyd [b]verstrooi sal
wees op die aangesig van die
aarde, [c]bymekaar gemaak word
van die ooste en van die weste, en
van die suide en van die noorde;
en hulle sal gebring word tot die
[d]kennis van die Here hulle God,
wat hulle verlos het.
14 En die Vader het My gebied
dat Ek aan julle hierdie [a]land
moet gee, as julle erfenis.
15 En Ek sê vir julle, dat as die
nie-Jode nie [a]bekeer na die seën-
ing wat hulle sal ontvang nie,
nadat hulle my volk verstrooi
het—
16 Dan sal julle, wat 'n oorblyf-
sel is van die huis van Jakob, uit-
gaan onder hulle; en julle sal in
die midde wees van hulle wat
baie sal wees; en julle sal onder
hulle wees soos 'n leeu onder die
diere van die woud, en soos 'n
jong [a]leeu onder die skaapkud-
des, wat, as hy deurgaan, beide
[b]vertrap en in stukke verskeur, en
niemand kan verlos nie.
17 Julle hand sal opgelig wees
teen julle teenstanders, en al julle
vyande sal afgesny wees.
18 En Ek sal my volk [a]bymekaar-
maak soos 'n man sy gerwe byme-
kaarmaak op die vloer.
19 Want Ek sal my volk maak
met wie die Vader 'n verbond ge-
sluit het, ja, Ek sal julle [a]horing
yster maak, en Ek sal julle hoewe
brons maak. En julle sal baie
volke in stukke slaan; en Ek sal

8*a* Joh. 6:50–58; 3 Ne. 18:7. GS Nagmaal.
11*a* 3 Ne. 16:17–20; 23:1–3.
*b* 2 Ne. 25:1–5; Morm. 8:23.
12*a* 3 Ne. 15:7–8.
13*a* 3 Ne. 16:11–12; 21:2–7.
*b* GS Israel—Die verstrooiing van Israel.
*c* GS Israel—Die versameling van Israel.
*d* 3 Ne. 16:4–5.
14*a* GS Beloofde Land.
15*a* 3 Ne. 16:10–14.
16*a* Morm. 5:24; L&V 19:27.
*b* Miga 5:7–8; 3 Ne. 16:14–15; 21:12.
18*a* Miga 4:12.
19*a* Miga 4:13.

hulle wins toewy aan die Here,
en hulle besittings aan die Here
van die hele aarde. En kyk, Ek is
Hy wat dit doen.
20 En dit sal gebeur, sê die Va-
der, dat die [a]swaard van my ge-
regtigheid oor hulle sal hang op
daardie dag; en tensy hulle be-
keer, sal dit op hulle val, sê die
Vader, ja, en wel op al die nasies
van die nie-Jode.
21 En dit sal gebeur dat Ek my
[a]volk sal vestig, o huis van Israel.
22 En kyk, hierdie volk sal Ek
vestig in hierdie land, ter vervul-
ling van die [a]verbond wat Ek ge-
sluit het met julle vader Jakob; en
dit sal ′n [b]Nuwe Jerusalem wees.
En die magte van die hemel sal in
die midde van hierdie volk wees;
ja, waarlik, [c]Ek sal in julle midde
wees.
23 Kyk, Ek is Hy van wie Mo-
ses gespreek het, wat gesê het: ′n
[a]Profeet sal die Here julle God vir
julle uit julle broers verwek, net
soos ek; Hom sal julle hoor in alle
dinge wat Hy ook al met julle sal
spreek. En dit sal gebeur dat elke
siel wat nie daardie profeet sal
hoor nie, afgesny sal word van
onder die volk.
24 Voorwaar, Ek sê vir julle, ja,
en [a]al die profete van Samuel en
diegene wat daarna volg, soveel
as wat gespreek het, het getuig
van My.
25 En kyk, julle is die kinders
van die profete; en julle is van
die huis van Israel; en julle is van
die [a]verbond wat die Vader ge-
sluit het met julle vaders, wat aan
Abraham sê: En [b]in jou saad sal
al die stamme van die aarde ge-
seën word.
26 Die Vader het My opgewek,
eerste vir julle, en het My gestuur
om julle te seën deur elkeen van
julle weg te [a]draai van sy onge-
regtighede; en dit omdat julle die
kinders van die verbond is—
27 En nadat julle geseën is, dan
vervul die Vader die verbond wat
Hy met Abraham gesluit het, wat
sê: [a]In jou saad sal al die stamme
van die aarde geseën word—tot
die uitstorting van die Heilige
Gees deur My op die [b]nie-Jode,
welke seëning op die nie-Jode
hulle magtig sal maak bo almal,
tot die verstrooiing van my volk,
o huis van Israel.
28 En hulle sal ′n [a]gésel wees vir
die volk van hierdie land. Nog-
tans, wanneer hulle die volheid
van my evangelie sal ontvang
het, dan, as hulle hul harte sal
verhard teen My, sal Ek hulle on-
geregtighede terugbring op hulle
eie hoofde, sê die Vader.

20*a* 3 Ne. 29:4.
21*a* 3 Ne. 16:8–15.
22*a* Gén. 49:22–26; L&V 57:2–3.
*b* Jes. 2:2–5; 3 Ne. 21:23–24; Ether 13:1–12; L&V 84:2–4. GS Nuwe Jerusalem.
*c* Jes. 59:20–21; Mal. 3:1; 3 Ne. 24:1.
23*a* Deut. 18:15–19; Hand. 3:22–23; 1 Ne. 22:20–21.
24*a* Hand. 3:24–26; 1 Ne. 10:5; Jakob 7:11.
25*a* GS Abraham, Verbond van.
*b* Gén. 12:1–3; 22:18.
26*a* Spr. 16:6.
27*a* Gal. 3:8; 2 Ne. 29:14; Abr. 2:9.
*b* 3 Ne. 16:6–7.
28*a* 3 Ne. 16:8–9.

29 En Ek sal die verbond [a]onthou wat Ek gesluit het met my volk; en Ek het met hulle ʼn verbond gesluit dat Ek hulle sal [b]bymekaarmaak in my eie bepaalde tyd, dat Ek weer aan hulle die [c]land van hulle vaders as hulle erfdeel sal gee, wat die land [d]Jerusalem is, wat die beloofde land is vir hulle vir ewig, sê die Vader.

30 En dit sal gebeur dat die tyd kom, wanneer die volheid van my evangelie gepredik sal word aan hulle;

31 En hulle sal in My [a]glo, dat Ek Jesus Christus is, die Seun van God, en sal bid tot die Vader in my Naam.

32 Dan sal hulle [a]wagte hul stemme verhef, en met die stem tesame sal hulle sing; want hulle sal oog tot oog sien.

33 Dan sal die Vader hulle weer bymekaarmaak, en aan hulle Jerusalem gee as die land van hulle erfenis.

34 Dan sal hulle uitbreek in gejubel—[a]Sing saam, julle verwoeste plekke van Jerusalem; want die Vader het sy volk vertroos, Hy het Jerusalem verlos.

35 Die Vader het sy heilige arm ontbloot voor die oë van al die nasies; en al die eindes van die aarde sal die heil van die Vader sien; en die Vader en Ek is een.

36 En dan sal dit teweeggebring word wat geskrywe is: [a]Ontwaak, ontwaak weer, en beklee jou met sterkte, o Sion, trek jou sierlike klere aan, o Jerusalem, die heilige stad, want voortaan sal daar nie meer in jou die onbesnedenes en die onreines kom nie.

37 Skud jouself los van die stof; staan op, gaan sit, o Jerusalem; maak jouself los van die bande van jou nek, o gevange dogter van Sion.

38 Want so sê die Here: Julle het julself verkoop vir niks, en julle sal verlos word sonder geld.

39 Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, dat my volk my Naam sal ken; ja, op daardie dag sal hulle weet dat Ek Hy is wat spreek.

40 En dan sal hulle sê: [a]Hoe lieflik op die berge is die voete van hom wat goeie tydings bring vir hulle, wat [b]vrede verkondig; wat goeie tydings van die goeie aan hulle bring, wat heil verkondig; wat sê vir Sion: Jou God heers!

41 En dan sal ʼn geroep opgaan: [a]Vertrek julle, vertrek julle, gaan julle uit daarvandaan, raak dit nie aan wat [b]onrein is nie; gaan julle uit haar midde uit, wees julle [c]rein wat die heilige voorwerpe van die Here dra.

42 Want julle sal [a]nie uitgaan met haas nie, nóg gaan deur te

29 *a* Jes. 44:21; 3 Ne. 16:11–12.
*b* GS Israel—Die versameling van Israel.
*c* Amos 9:14–15.
*d* GS Jerusalem.
31 *a* 3 Ne. 5:21–26; 21:26–29.
32 *a* Jes. 52:8; 3 Ne. 16:18–20. GS Waak, Wagte.
34 *a* Jes. 52:9.
36 *a* Jes. 52:1–3; L&V 113:7–10. GS Sion.
40 *a* Jes. 52:7; Nah. 1:15; Mosia 15:13–18; L&V 128:19.
*b* Mark. 13:10; 1 Ne. 13:37.
41 *a* Jes. 52:11–15.
*b* GS Rein en Onrein.
*c* L&V 133:5.
42 *a* 3 Ne. 21:29.

vlug; want die Here sal uitgaan
voor julle, en die God van Israel
sal julle agterhoede wees.
43 Kyk, my dienskneg sal wys-
lik optree; Hy sal verhewe wees
en geëer en baie verhoog.
44 Net so baie was verstom oor
U—sy gelaat was so misvorm,
meer as enige mens, en sy liggaam
meer as die seuns van mense—
45 So sal Hy baie nasies [a]be-
sprinkel; die konings sal hulle
monde toemaak vanweë Hom;
want dit wat nie aan hulle vertel
is nie, sal hulle sien; en dit wat
hulle nie gehoor het nie, sal hulle
begryp.
46 Voorwaar, voorwaar, Ek sê
vir julle, al hierdie dinge sal se-
kerlik kom, net soos die Vader My
gebied het. Dan sal hierdie ver-
bond wat die Vader gesluit het
met sy volk vervul word; en dan
sal [a]Jerusalem weer bewoon word
deur my volk, en dit sal die land
wees van hulle erfenis.

## HOOFSTUK 21

*Israel sal bymekaargemaak word wanneer die Boek van Mormon te voorskyn kom—Die nie-Jode sal gevestig word as 'n vrye volk in Amerika—Hulle sal gered word as hulle glo en gehoorsaam is; anders sal hulle afgesny en vernietig word—Israel sal die Nuwe Jerusalem bou, en die verlore stamme sal terugkeer. Ongeveer 34 n.C.*

EN voorwaar Ek sê vir julle, Ek
gee aan julle 'n teken, sodat julle
die [a]tyd mag weet wanneer hier-
die dinge op die punt sal wees
om plaas te vind—dat Ek hulle
sal bymekaarmaak, van hulle
lang verstrooiing, my volk, o huis
van Israel, en weer my Sion onder
hulle sal vestig;
2 En kyk, dit is die ding wat Ek
aan julle sal gee vir 'n teken—
want voorwaar Ek sê vir julle
dat wanneer hierdie dinge wat
Ek aan julle verkondig, en wat Ek
hierna self aan julle sal verkon-
dig, en deur die mag van die Hei-
lige Gees wat gegee sal word aan
julle deur die Vader, sal bekend-
gemaak word aan die nie-Jode
sodat hulle mag weet aangaande
hierdie volk wat 'n oorblyfsel is
van die huis van Jakob, en aan-
gaande hierdie, my volk, wat ver-
strooi sal word deur hulle;
3 Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir
julle, wanneer [a]hierdie dinge be-
kend gemaak sal word aan hulle
deur die Vader, en sal uitgaan van
die Vader, van hulle na julle;
4 Want dit is wysheid in die
Vader dat hulle gevestig moet
word in hierdie land, en daarge-
stel word as 'n [a]vrye volk deur
die krag van die Vader, dat hier-
die dinge van hulle mag uitgaan
na 'n oorblyfsel van julle saad, so-
dat die [b]verbond van die Vader
vervul mag word wat Hy met sy
volk gesluit het, o huis van Israel;

45*a* Jes. 52:15.
46*a* Ether 13:5, 11.
**21** 1*a* GS Laaste Dae.
3*a* Ether 4:17; JS—G 1:34–36.
4*a* 1 Ne. 13:17–19; L&V 101:77–80.
*b* Morm. 5:20. GS Abraham, Verbond van.

5 Daarom, wanneer hierdie
werke en die werke wat verrig sal
word onder julle hierna sal uit-
gaan [a]van die nie-Jode na julle
[b]saad wat sal kwyn in ongeloof
vanweë ongeregtigheid;
6 Want so behaag dit die Vader
dat dit sal uitgaan van die [a]nie-
Jode, sodat Hy sy krag mag toon
aan die nie-Jode, met die doel dat
die nie-Jode, as hulle nie hulle
harte sal verhard nie, dat hulle
mag bekeer en na My kom en ge-
doop word in my Naam en weet
van die ware punte van my leer,
sodat hulle [b]gereken kan word
onder my volk, o huis van Israel;
7 En wanneer hierdie dinge ge-
skied dat jou [a]saad sal begin om
hierdie dinge te weet—sal dit ʼn
teken wees vir hulle, dat hulle
mag weet dat die werk van die
Vader alreeds begin het ter ver-
vullig van die verbond wat Hy
gesluit het met die volk wat van
die huis van Israel is.
8 En wanneer daardie dag sal
kom, sal dit gebeur dat konings
hulle monde sal toemaak; want
dit wat nie aan hulle vertel is nie,
sal hulle sien; en dit wat hulle nie
gehoor het nie sal hulle verstaan.
9 Want in daardie dag, om my
ontwil, sal die Vader ʼn werk ver-
rig, wat ʼn groot en [a]wonderlike
werk sal wees onder hulle; en
daar sal onder hulle diegene wees
wat dit nie sal glo nie, alhoewel ʼn
man dit aan hulle sal verkondig.
10 Maar kyk, die lewe van my
dienskneg sal in my hand wees;
daarom sal hulle hom nie beseer
nie, alhoewel hy [a]misvorm sal
word vanweë hulle. Tog sal ek
hom genees, want ek sal aan hulle
toon dat [b]my wysheid groter is as
die geslepenheid van die duiwel.
11 Daarom, dit sal gebeur dat
wie ook al nie in my woorde glo
nie, wat Jesus Christus is, wat die
Vader [a]Hom sal laat bring aan die
nie-Jode, en aan Hom mag sal gee
dat Hy hulle sal uitbring tot die
nie-Jode, (dit sal gedoen word net
soos Moses gesê het) hulle [b]afge-
sny sal word van onder my volk
wat van die verbond is.
12 En my volk wat ʼn oorblyf-
sel is van Jakob sal onder die nie-
Jode wees, ja, in hulle midde soos
ʼn [a]leeu onder die diere van die
woud, soos ʼn jong leeu onder die
skaapkuddes, wat, as hy deurgaan,
beide [b]vertrap en in stukke ver-
skeur, en niemand kan verlos nie.
13 Hulle hand sal opgelig word
teen hulle teenstanders, en al
hulle vyande sal afgesny word.
14 Ja, wee die nie-Jode tensy
hulle [a]bekeer; want dit sal gebeur

5*a* 3 Ne. 26:8.
*b* 2 Ne. 30:4–5; Morm. 5:15; L&V 3:18–19.
6*a* 1 Ne. 10:14; Jakob 5:54; 3 Ne. 16:4–7.
*b* Gal. 3:7, 29; 3 Ne. 16:13; Abr. 2:9–11.
7*a* 3 Ne. 5:21–26.
9*a* Jes. 29:14; Hand. 13:41; 1 Ne. 22:8. GS Herstelling van die Evangelie.
10*a* L&V 135:1–3.
*b* L&V 10:43.
11*a* 2 Ne. 3:6–15; Morm. 8:16, 25.
*b* L&V 1:14.
12*a* Miga 5:7–14; 3 Ne. 20:16.
*b* 3 Ne. 16:13–15.
14*a* 2 Ne. 10:18; 33:9.

in daardie dag, sê die Vader, dat
Ek julle perde sal afsny uit julle
midde, en Ek sal julle strydwa-
ens vernietig;
15 En Ek sal die stede afsny van
julle land, en al julle vestings om-
vergooi;
16 En Ek sal towerye afsny uit
julle land, en julle sal nie meer
waarsêers hê nie;
17 Julle [a]gesnede beelde sal Ek
ook afsny, en jul staande beelde uit
jul midde, en julle sal nie meer die
werke van jul hande aanbid nie;
18 En Ek sal julle heilige boom-
stamme uitpluk uit jul midde; net
so sal Ek julle stede vernietig.
19 En dit sal gebeur dat alle
[a]leuentaal, en bedriërye, en af-
guns, en onenighede, en priester-
liste, en hoererye, weggedoen sal
word.
20 Want dit sal gebeur, sê die Va-
der, dat op daardie dag, wie ook
al nie sal bekeer en kom na my
Geliefde Seun nie, hulle sal Ek
afsny van onder my volk, o huis
van Israel;
21 En Ek sal wraak en woede op
hulle uitoefen, net soos op die hei-
dene, soos hulle nog nie gehoor
het nie.
22 Maar as hulle sal bekeer en
ag slaan op my woorde, en hulle
harte nie verhard nie, sal Ek my
kerk [a]vestig onder hulle, en hulle
sal toetree tot die verbond en [b]ge-
reken word onder hierdie die oor-
blyfsel van Jakob, aan wie Ek
hierdie land gegee het vir hulle
erfenis;
23 En hulle sal my volk bystaan,
die oorblyfsel van Jakob, en ook
soveel van die huis van Israel as
wat sal kom, sodat hulle 'n stad
mag bou, wat die [a]Nuwe Jerusa-
lem genoem sal word.
24 En dan sal hulle my volk by-
staan sodat hulle versamel mag
word, wat verstrooi is oor die
hele aangesig van die land, na
die nuwe Jerusalem.
25 En dan sal die [a]krag van die
hemel afkom onder hulle; en [b]Ek
sal ook in die midde wees.
26 En dan sal die werk van die
Vader op daardie dag begin, naam-
lik wanneer hierdie evangelie on-
der die oorblyfsel van hierdie volk
gepreek sal word. Voorwaar, Ek
sê vir julle, op daardie dag sal die
werk van die Vader [a]begin onder
al die verstrooides van my volk,
ja, naamlik die stamme wat [b]ver-
lore was, wat die Vader uit Jeru-
salem weggelei het.
27 Ja, die werk sal begin onder
al die [a]verstrooides van my volk,
met die Vader om die weg te berei
waardeur hulle na My mag kom,
sodat hulle die Vader in my Naam
mag aanroep.

17*a* Ex. 20:3–4; Mosia 13:12–13; L&V 1:16. GS Afgodery.
19*a* 3 Ne. 30:2.
22*a* GS Tydvak.
*b* 2 Ne. 10:18–19; 3 Ne. 16:13.
23*a* 3 Ne. 20:22; Ether 13:1–12. GS Nuwe Jerusalem.
25*a* 1 Ne. 13:37.
*b* Jes. 2:2–4; 3 Ne. 24:1.
26*a* 1 Ne. 14:17; 3 Ne. 21:6–7.
*b* GS Israel—Die tien verlore stamme van Israel.
27*a* 3 Ne. 16:4–5.

28 Ja, en dan sal die werk begin,
met die Vader onder alle nasies
om die weg voor te berei waar-
deur sy volk huis toe [a]versamel
mag word na die land van hulle
erfenis.
29 En hulle sal uitgaan vanuit
alle nasies; en hulle sal nie uit-
gaan in [a]haas nie, nóg gaan deur
te vlug, want Ek sal uitgaan voor
hulle, sê die Vader, en Ek sal hulle
agterhoede wees.

## HOOFSTUK 22

*In die laaste dae sal Sion en haar penne gevestig word en Israel sal versamel word met barmhartigheid en teerheid—Hulle sal triomfeer—Vergelyk Jesaja 54. Ongeveer 34 n.C.*

En dan sal dit wat geskrywe is,
gebeur: Sing, o onvrugbare, jy
wat nie gebaar het nie; breek uit
in [a]gesang, en roep hard uit, jy
wat geen barensnood gehad het
nie; want meer is die kinders
van die kinderlose as die kinders
van die getroude vrou, sê die
Here.
2 Vergroot die plek van jou tent,
en laat hulle die doeke uitstrek
van jou wonings; moet nie verhin-
der nie; verleng jou toue en ver-
sterk jou [a]penne;
3 Want jy sal uitbreek aan die
linkerkant en aan die regter-
kant, en jou saad sal die [a]nie-Jode
beërwe en verlate stede bewoon-
baar maak.
4 Vrees nie, want jy sal nie be-
skaamd wees nie; nóg sal jy ver-
slaan wees, want jy sal nie tot
[a]skande gebring word nie; want
jy sal die skande van jou jeug ver-
geet, en sal nie die smaad van jou
jeug onthou nie, en sal nie meer
die smaad van jou weduweeskap
onthou nie.
5 Want jou Maker, jou Man;
die Here van die Leërskare is sy
Naam; en jou Verlosser, die Hei-
lige Een van Israel—die God van
die hele aarde sal Hy genoem
word.
6 Want die Here het jou geroep
net soos 'n vrou verlate en be-
droef van gees, en 'n jong vrou,
toe jy verwerp was, sê jou God.
7 Vir 'n klein oomblik het Ek jou
verlaat, maar met groot genade
sal Ek jou bymekaarmaak.
8 In 'n bietjie toorn het Ek my
aangesig verberg van jou vir 'n
oomblik, maar met ewigdurende
goedertierenheid sal Ek [a]barm-
hartigheid teenoor jou hê, sê die
Here jou Verlosser.
9 Vir [a]hierdie, die [b]waters van
Noag vir My, want net soos Ek
gesweer het dat die waters van
Noag nie meer sou gaan oor die
aarde nie, so het Ek gesweer dat
Ek nie toornig sal wees op jou nie.
10 Want die [a]berge sal wyk en
die heuwels sal verwyder word,

28*a* GS Israel—Die versameling van Israel.
29*a* Jes. 52:12; 3 Ne. 20:42.
**22** 1*a* GS Sing.
2*a* GS Pen.
3*a* GS Nie-Jode.
4*a* 2 Ne. 6:7, 13.
8*a* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
9*a* Jes. 54:9.
*b* GS Vloed tydens Noag se Tyd.
10*a* Jes. 40:4.

maar my goedertierenheid sal nie [b]weggaan van jou nie, nóg sal die verbond van my vrede verwyder word, sê die Here wat barmhartigheid teenoor jou het.

11 O jy gekwelde, geslinger deur stormwinde, en ongetroosde! Kyk, Ek sal jou [a]stene lê in helder kleure, en jou fondamente uitlê met saffiere.

12 En ek sal jou vensters maak van agate, en jou poorte van robyne, en al jou stadsmure van kosbare stene.

13 En [a]al jou kinders sal geleer word deur die Here; en groot sal die vrede van jou kinders wees.

14 In [a]regverdigheid sal jy gevestig word; jy sal ver wees van verdrukking want jy sal nie vrees nie, en van verskrikking, want dit sal nie naby jou kom nie.

15 Kyk, hulle sal sekerlik vergader teen jou, nie deur My nie; wie ook al sal vergader teen jou, sal val om jou onthalwe.

16 Kyk, Ek het die smid geskape wat die kole aanblaas in die vuur, en wat gereedskap voortbring vir sy werk; en Ek het die verderwer geskape om te vernietig.

17 Geen wapen wat teen jou gevorm word sal suksesvol wees nie; en elke tong wat teen jou sal uitvaar in oordeel sal jy veroordeel. Dit is die erfenis van die diensknegte van die Here, en hulle regverdigheid is van My, sê die Here.

## HOOFSTUK 23

*Jesus keur die woorde van Jesaja goed—Hy gebied die volk om die profete te ondersoek—Die woorde van Samuel die Lamaniet aangaande die Opstanding word tot hulle kronieke bygevoeg. Ongeveer 34 n.C.*

EN nou, kyk, Ek sê vir julle, dat julle hierdie dinge behoort te [a]ondersoek. Ja, 'n gebod gee Ek aan julle dat julle hierdie dinge ywerig ondersoek; want groot is die woorde van [b]Jesaja.

2 Want waarlik hy het gespreek rakende alle dinge aangaande my volk wat van die huis van Israel is; daarom is dit noodsaaklik dat hy ook met die nie-Jode moet spreek.

3 En alle dinge wat hy gespreek het, was gewees en [a]sal wees, en wel volgens die woorde wat hy gespreek het.

4 Daarom, slaan ag op my woorde; skryf die dinge wat Ek julle vertel het; en volgens die tyd en die wil van die Vader sal hulle uitgaan na die nie-Jode.

5 En wie ook al sal ag slaan op my woorde en bekeer en gedoop word, hulle sal gered word. Ondersoek die [a]profete, want baie is daar wat getuig van hierdie dinge.

6 En nou het dit gebeur dat toe Jesus hierdie woorde gesê het, het Hy weer aan hulle gesê, nadat Hy

10*b* Ps. 94:14; L&V 35:25.
11*a* Openb. 21:18–21.
13*a* Jer. 31:33–34.
14*a* GS Regverdigheid, Regverdig.
**23** 1*a* GS Skrifture.
*b* 2 Ne. 25:1–5; Morm. 8:23. GS Jesaja.
3*a* 3 Ne. 20:11–12.
5*a* Lk. 24:25–27.

al die skrifture uitgelê het aan hulle wat hulle ontvang het, het Hy aan hulle gesê: Kyk, ander skrifture wil Ek hê dat julle moet skryf, wat julle nie het nie.

7 En dit het gebeur dat Hy aan Nefi gesê het: Bring die kroniek uit wat jy bygehou het.

8 En toe Nefi die kronieke uitgebring het, en hulle neergelê het voor Hom, het Hy sy oë na hulle laat kyk, en gesê:

9 Voorwaar Ek sê vir julle, Ek het my dienskneg [a]Samuel, die Lamaniet, gebied dat hy moes getuig aan hierdie volk, dat op die dag dat die Vader sy naam sou verheerlik in My dat daar [b]baie [c]heiliges was wat sou [d]opstaan uit die dood, en sou verskyn aan baie, en hulle moes dien. En Hy het aan hulle gesê: Was dit nie so nie?

10 En sy dissipels het Hom geantwoord en gesê: Ja, Here, Samuel het geprofeteer volgens u woorde, en hulle is almal vervul.

11 En Jesus het aan hulle gesê: Hoe is dit dat julle nie hierdie ding neergeskryf het nie, dat baie heiliges opgestaan en aan baie verskyn en hulle gedien het nie?

12 En dit het gebeur dat Nefi onthou het dat hierdie ding nie geskrywe was nie.

13 En dit het gebeur dat Jesus gebied het dat dit geskrywe moes word; daarom is dit geskrywe volgens wat Hy gebied het.

14 En nou dit het gebeur dat toe Jesus al die skrifture [a]uitgelê het in een, wat hulle geskryf het, het Hy hulle gebied dat hulle die dinge moes onderrig wat Hy uitgelê het aan hulle.

## HOOFSTUK 24

*Die Here se boodskapper sal die weg voorberei vir die Tweede Koms—Christus sal in oordeel sit—Israel word gebied om tiendes en offerandes te betaal—'n Boek van herinnering word gehou—Vergelyk Maleági 3. Ongeveer 34 n.C.*

En dit het gebeur dat Hy hulle gebied het dat hulle die woorde moes skrywe wat die Vader aan Maleági gegee het, wat hy aan hulle moes vertel. En dit het gebeur dat nadat hulle geskrywe is, het Hy hulle uitgelê. En hierdie is die woorde wat hy aan hulle vertel het, en gesê het: So het die Vader gesê vir Maleági—Kyk, Ek sal My [a]boodskapper stuur, en hy sal die weg voor My berei, en die Here wat julle soek sal skielik kom na sy tempel, naamlik die boodskapper van die verbond, in wie julle jul verheug; kyk, Hy sal kom, sê die Here van die Leërskare.

2 Maar wie sal die dag van sy koms [a]verdra, en wie sal standhou wanneer Hy verskyn? Want Hy is soos 'n [b]smelter se vuur, en soos 'n bleiker se seep.

---

9*a* Hel. 13:2.
*b* Hel. 14:25.
*c* GS Heilige.
*d* Matt. 27:52–53. GS Opstanding.
14*a* Lk. 24:44–46.
**24** 1*a* L&V 45:9.
2*a* 3 Ne. 25:1.
*b* Sag. 13:9; L&V 128:24. GS Aarde—Reiniging van die aarde; Tweede Koms van Jesus Christus.

3 En Hy sal sit as ʼn smelter en ʼn suiweraar van silwer; en Hy sal die [a]seuns van Levi reinig, en hulle louter soos goud en silwer, sodat hulle ʼn offerande in regverdigheid aan die Here mag [b]offer.

4 Dan sal die offerande van Juda en Jerusalem aangenaam wees vir die Here, soos in die ou dae, en soos die jare van die voortyd.

5 En Ek sal na aan julle kom tot oordeel; en Ek sal ʼn snelle getuie wees teen die towenaars, en teen die egbrekers, en teen valse sweerders, en teen diegene wat die dagloner verdruk in sy lone, die weduwee en die [a]wees, en wat die vreemdeling opsystoot, en My nie vrees nie, sê die Here van die Leërskare.

6 Want Ek is die Here, Ek verander nie; daarom word julle seuns van Jakob nie verteer nie.

7 Selfs van die dae van julle vaders het julle my ordinansies [a]verwerp, en het hulle nie onderhou nie. [b]Keer terug tot My, en Ek sal terugkeer tot julle, sê die Here van die Leërskare. Maar julle sê: Waarin sal ons terugkeer?

8 Sal ʼn mens God beroof? Tog het julle My beroof. Maar julle sê: Waarin het ons U beroof? In [a]tiendes en [b]offerandes.

9 Julle is vervloek met ʼn vloek, want julle het My beroof, en wel hierdie hele nasie.

10 Bring julle al die [a]tiendes na die voorraadskuur, sodat daar spys mag wees in my huis; en beproef My nou hierin, sê die Here van die Leërskare, of Ek nie vir julle die vensters van die hemel sal oopmaak, en ʼn [b]seëning uitstort op julle dat daar nie genoeg ruimte sal wees om dit te ontvang nie.

11 Ek sal die verorberaar bestraf om julle onthalwe, en hy sal nie die vrugte van julle grond vernietig nie; nóg sal julle wingerdstok haar vrugte voor die tyd neerwerp op die lande, sê die Here van die Leërskare.

12 En alle nasies sal julle geseënd noem, want julle sal ʼn vrugbare land wees, sê die Here van die Leërskare.

13 Julle woorde was sterk teen My, sê die Here. Tog sê julle: Wat het ons teen U gespreek?

14 Julle het gesê: Dit is tevergeefs om God te dien, en wat baat dit dat ons sy ordinansies onderhou het en dat ons berouvol gewandel het voor die Here van die Leërskare?

15 En nou noem ons die hoogmoediges gelukkig; ja, hulle wat boosheid bewerk is voorspoedig, ja, hulle wat God versoek is inderdaad gespaar!

16 Toe het hulle wat die Here gevrees het dikwels met mekaar [a]gepraat; en die Here het ag geslaan

---

3*a* Deut. 10:8; L&V 84:31–34.
*b* L&V 13.
5*a* Jak. 1:27.
7*a* GS Afval.
*b* Hel. 13:11; 3 Ne. 10:6; Moro. 9:22.
8*a* GS Tiende, Tiendes.
*b* GS Offerande.
10*a* L&V 64:23; 119.
*b* GS Seën, Geseënd, Seëning.
16*a* Moro. 6:5.

en gehoor; en 'n [b]boek van herinnering is geskrywe voor Hom vir diegene wat die Here gevrees het, en sy Naam eerbiedig het.

17 En hulle sal myne wees, sê die Here van die Leërskare, op daardie dag wat Ek my juwele [a]bymekaarmaak; en Ek sal hulle spaar soos 'n man sy eie seun spaar wat hom dien.

18 Dan sal julle terugkeer en [a]onderskei tussen die regverdige en die goddelose, tussen hom wat God dien, en hom wat Hom nie dien nie.

## HOOFSTUK 25

*Tydens die Tweede Koms sal die hoogmoediges en bose verbrand word soos stoppels—Elía sal terugkeer voor daardie groot en vreeslike dag—Vergelyk Maleági 4. Ongeveer 34 n.C.*

Want kyk, die dag kom wat sal [a]brand soos 'n oond; en al die [b]trotsaards, ja, en almal wat booslik handel, sal stoppels wees; en die dag wat kom sal hulle verbrand, sê die Here van die Leërskare, dat dit hulle nóg wortel nóg tak sal oorlaat.

2 Maar vir julle wat my Naam eerbiedig, sal die [a]Seun van Regverdigheid opstaan met genesing in sy vleuels; en julle sal uitgaan en [b]opgroei soos [c]kalwers in die stal.

3 En julle sal die bose [a]vertrap; want hulle sal as wees onder die sole van julle voete op die dag wat Ek dit sal doen, sê die Here van die Leërskare.

4 Onthou julle die wet van Moses, my dienskneg, wat Ek aan hom gebied het op [a]Horeb vir die hele Israel, saam met die insettinge en verordeninge.

5 Kyk, Ek sal vir julle [a]Elía die profeet stuur voor die koms van die groot en [b]vreeslike dag van die Here;

6 En hy sal die hart van die vaders [a]draai tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie sal kom en die aarde tref met 'n vloek nie.

## HOOFSTUK 26

*Jesus lê alle dinge vanaf die begin tot die einde uit—Babas en kinders uiter wonderlike dinge wat nie geskrywe kan word nie—Diegene in die Kerk van Christus het alle dinge in gemeen onder hulle. Ongeveer 34 n.C.*

---

16*b* L&V 85:9; Moses 6:5. GS Boek van Herinnering.
17*a* L&V 101:3.
18*a* GS Onderskeiding, Gawe van.
**25** 1*a* Jes. 24:6; 1 Ne. 22:15; 3 Ne. 24:2; L&V 29:9; 64:23–24; 133:64; JS—G 1:37. GS Aarde—Reiniging van die aarde.
*b* 2 Ne. 20:33. GS Hoogmoed.
2*a* Ether 9:22.
*b* L&V 45:58.
*c* Amos 6:4; 1 Ne. 22:24.
3*a* 3 Ne. 21:12.
4*a* Ex. 3:1–6.
5*a* 2 Kon. 2:1–2; L&V 2:1; 110:13–16; 128:17–18. GS Elía; Heil vir die Dode; Verseël, Verseëling.
*b* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
6*a* L&V 2:2.

En nou het dit gebeur dat toe Jesus hierdie dinge vertel het, het Hy hulle uitgelê aan die skare; en Hy het alle dinge uitgelê aan hulle, beide groot en klein.
2 En Hy het gesê: [a]Hierdie skrif-
ture, wat julle nie gehad het by julle nie, het die Vader gebied dat Ek aan julle moes gee; want dit was wysheid in Hom dat hulle gegee moes word aan toekomstige geslagte.
3 En Hy het alle dinge uitgelê
vanaf die begin tot die tyd dat Hy in sy [a]heerlikheid sou kom—ja, en wel alle dinge wat sal kom op die aangesig van die aarde, tot die [b]elemente sal smelt met vurige hitte, en die aarde sal [c]inmekaar gerol word soos 'n boekrol, en die hemele en die aarde sal verbygaan;
4 En tot die [a]groot en laaste
dag, wanneer alle volke, en alle stamme, en alle nasies en tonge voor God sal [b]staan, om geoordeel te word volgens hulle werke, of hulle goed en of hulle boos is—
5 As hulle goed is, tot die [a]op-
standing van die ewigdurende lewe; en as hulle boos is, tot die opstanding van verdoemenis; wat parallel is, die een aan die een kant en die ander aan die ander kant, volgens die barmhartigheid, en die [b]geregtigheid, en die heiligheid wat in Christus is, wat was [c]voordat die wêreld begin het.
6 En nou kan daar nie in hierdie
boek selfs 'n [a]honderdste gedeelte geskrywe word van die dinge wat Jesus waarlik geleer het aan die volk nie;
7 Maar kyk, die [a]plate van Nefi
bevat die grootste gedeelte van die dinge wat Hy die volk geleer het.
8 En hierdie dinge het ek ge-
skrywe, wat 'n mindere gedeelte is van die dinge wat Hy die volk geleer het; en ek het hulle geskrywe met die doel dat hulle weer gebring mag word tot hierdie volk, [a]van die nie-Jode, volgens die woorde wat Jesus gespreek het.
9 En wanneer hulle dit sal ont-
vang, wat raadsaam is dat hulle dit eerste sal hê, om hulle geloof te toets, en as dit so sal wees dat hulle hierdie dinge sal glo, dan sal die [a]groter dinge openbaar gemaak word aan hulle.
10 En as dit so is dat hulle nie
hierdie dinge sal glo nie, dan sal die groter dinge [a]weerhou word van hulle, tot hulle veroordeling.
11 Kyk, ek was op die punt om
hulle te skrywe, alles wat gegraveer was op die plate van Nefi,

**26** 2*a* DI Mal. Hoofstuk 3–4 word in 3 Ne. hoofstukke 24–25 aangehaal.
3*a* GS Jesus Christus—Heerlikheid van Jesus Christus.
*b* Amos 9:13; 2 Petr. 3:10, 12; Morm. 9:2. GS Aarde—Reiniging van die aarde; Wêreld—Einde van die wêreld.
*c* Morm. 5:23.
4*a* Hel. 12:25; 3 Ne. 28:31.
*b* Mosia 16:10–11. GS Oordeel, Die Laaste.
5*a* Dan. 12:2; Joh. 5:29.
*b* GS Geregtigheid.
*c* Ether 3:14. GS Jesus Christus—Vooraardse bestaan van Christus.
6*a* Joh. 21:25; 3 Ne. 5:8.
7*a* GS Plate.
8*a* 3 Ne. 21:5–6.
9*a* Ether 4:4–10.
10*a* Alma 12:9–11.

maar die Here het dit verbied, en
gesê: Ek sal die geloof [a]beproef
van my volk.
12 Daarom skryf ek, Mormon,
die dinge wat my gebied is deur
die Here. En nou maak ek, Mor-
mon, ′n einde aan my woorde,
en gaan voort om die dinge te
skrywe wat my gebied is.
13 Daarom, ek wil dat julle moet
sien dat die Here waarlik die volk
geleer het, vir ′n tydperk van drie
dae; en daarna het Hy Hom dik-
wels aan hulle [a]getoon, en het
dikwels [b]brood gebreek, en dit
geseën en aan hulle gegee.
14 En dit het gebeur dat Hy die
[a]kinders van die skare van wie ge-
spreek is, geleer en gedien het, en
Hy het hulle tonge [b]losgemaak, en
hulle het tot hulle vaders groot
en wonderbaarlike dinge ge-
spreek, selfs groter as wat Hy aan
die volk geopenbaar het; en Hy
het hulle tonge losgemaak sodat
hulle kon uiter.
15 En dit het gebeur dat nadat
Hy opgevaar het na die hemel—
die tweede keer dat Hy Homself
aan hulle getoon het, en gegaan
het na die Vader, nadat Hy al hulle
krankes [a]genees het, en hulle ver-
lamdes, en die oë geopen het van
hulle blindes en die ore oopge-
maak het van die dowes, en waar-
lik alle soorte genesings gedoen
het onder hulle, en ′n man opge-
wek het uit die dood, en sy krag
getoon het aan hulle, en opgevaar
het na die Vader—
16 Kyk, dit het die volgende dag
gebeur dat die skare hulleself by-
mekaar gemaak het, en hulle het
beide hierdie kinders gesien en
gehoor; ja, selfs [a]babas het hulle
monde oopgemaak en wonder-
baarlike dinge geuiter; en die
dinge wat hulle geuiter het was
verbode dat geen mens hulle sou
neerskryf nie.
17 En dit het gebeur dat die [a]dis-
sipels wat Jesus gekies het, begin
het om vanaf daardie tyd te [b]doop
en te leer soveel as wat na hulle
gekom het; en soveel as wat ge-
doop is in die Naam van Jesus, is
vervul met die Heilige Gees.
18 En baie van hulle het onuit-
spreeklike dinge gesien en ge-
hoor, wat nie [a]geoorloof is om te
skryf nie.
19 En hulle het geleer, en het me-
kaar gedien; en hulle het almal
[a]alle dinge in [b]gemeen gehad on-
der hulle, elke mens het regverdig
gehandel, die een met die ander.
20 En dit het gebeur dat hulle
alle dinge gedoen het net soos
Jesus hulle gebied het.
21 En hulle wat gedoop is in die
Naam van Jesus, is genoem die
[a]kerk van Christus.

11 *a* Ether 12:6.
13 *a* Joh. 21:14.
*b* 3 Ne. 20:3–9.
GS Nagmaal.
14 *a* 3 Ne. 17:11–12.
*b* Alma 32:23;
3 Ne. 26:16.
15 *a* 3 Ne. 17:9.
GS Genees, Genesings;
Wonderwerk.
16 *a* Matt. 11:25.
17 *a* 3 Ne. 19:4–13.
*b* 4 Ne. 1:1.
18 *a* 3 Ne. 26:11.
19 *a* 4 Ne. 1:3.
*b* GS Toewy, Wet van
Toewyding.
21 *a* Mosia 18:17.
GS Kerk van Jesus
Christus.

## HOOFSTUK 27

*Jesus gebied dat die Kerk na sy Naam genoem word—Sy sending en soenoffer behels sy evangelie—Mense word gebied om te bekeer en gedoop te word sodat hulle geheilig mag word deur die Heilige Gees—Hulle moet net soos Jesus wees. Ongeveer 34–35 n.C.*

En dit het gebeur dat terwyl die dissipels van Jesus gereis het en die dinge gepreek het wat hulle beide gesien en gehoor het, en gedoop het in die Naam van Jesus, het dit gebeur dat die dissipels bymekaargekom het en [a]verenig was in kragtige gebed en [b]vas.
2 En Jesus het homself weer aan hulle [a]getoon, want hulle het gebid tot die Vader in sy Naam; en Jesus het gekom en in hulle midde gaan staan, en aan hulle gesê: Wat wil julle hê dat Ek aan julle moet gee?
3 En hulle het aan Hom gesê: Here, ons wil hê dat U aan ons moet sê wat die naam van die kerk moet wees; want daar is redekawelings onder die volk aangaande hierdie saak.
4 En die Here het aan hulle gesê: Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, hoekom is dit dat die volk murmureer en twis vanweë hierdie ding?
5 Het hulle nie die skrifture gelees, wat sê dat julle die [a]Naam van Christus op julle moet neem nie, wat my Naam is? Want ooreenkomstig hierdie Naam sal julle genoem word op die laaste dag;
6 En wie ook al my Naam op hom neem, en [a]volhard tot die einde toe, hy sal gered word op die laaste dag.
7 Daarom, wat julle ook al sal doen, sal julle dit in my Naam doen; daarom sal julle die kerk na my Naam noem, en julle sal tot die Vader in my Naam roep dat Hy die kerk sal seën om my ontwil.
8 En hoe kan dit [a]my [b]kerk wees tensy dit na my Naam vernoem is? Want as ’n kerk vernoem word na Moses se naam, dan is dit Moses se kerk; of as dit vernoem word na die naam van ’n man, dan is dit die kerk van ’n man; maar as dit vernoem word na my Naam, dan is dit my kerk, as dit so is dat hulle gebou is op my evangelie.
9 Voorwaar Ek sê vir julle, dat julle gebou is op my evangelie; daarom sal julle noem watter dinge ook al julle noem, na my Naam; daarom, as julle die Vader aanroep, vir die kerk, as dit in my Naam is, sal die Vader julle hoor;
10 En as dit so is dat die kerk gebou is op my evangelie, dan sal die Vader sy eie werke toon daarin.

---

**27** 1*a* L&V 29:6.
*b* Alma 6:6. GS Vas.
2*a* 3 Ne. 26:13. GS Jesus Christus—Nadoodse verskynings van Christus.
5*a* GS Jesus Christus—Om die Naam van Jesus Christus op ons te neem.
6*a* 3 Ne. 15:9.
8*a* L&V 115:4.
*b* GS Jesus Christus—Hoof van die Kerk.

11 Maar as dit nie gebou is op
my evangelie nie, en gebou is op
die werke van mense, of op die
werke van die duiwel, voorwaar
Ek sê vir julle, hulle het vreugde
in hulle werke vir ′n tydperk, en
weldra kom die einde, en hulle
word [a]uitgekap en in die vuur ge-
werp, waarvandaan daar geen te-
rugkeer is nie.
12 Want hulle werke [a]volg hulle,
want dit is vanweë hulle werke
dat hulle uitgekap word; daarom,
onthou die dinge wat Ek julle ver-
tel het.
13 Kyk, Ek het aan julle my
[a]evangelie gegee, en dit is die
evangelie wat Ek aan julle gegee
het—dat Ek in die wêreld gekom
het om die [b]wil van my Vader te
doen, omdat my Vader My ge-
stuur het.
14 En my Vader het My gestuur
sodat Ek [a]opgehef mag word op
die kruis; en nadat Ek opgehef
was op die kruis, dat Ek almal
na My mag [b]trek, sodat net soos
Ek opgehef was deur die mense,
net so hoort die mense opgehef te
word deur die Vader, om voor My
te staan, om [c]geoordeel te word
volgens hulle werke, of hulle
goed en of hulle boos is—
15 En om hierdie rede is Ek [a]op-
gehef; daarom, volgens die krag
van die Vader sal Ek alle mense
na My toe trek, sodat hulle ge-
oordeel mag word volgens hulle
werke.
16 En dit sal gebeur, dat wie ook
al [a]bekeer en [b]gedoop word in my
Naam, gevul sal word; en as hy
[c]volhard tot die einde toe, kyk,
hom sal Ek skuldeloos hou voor
my Vader in daardie dag wan-
neer Ek sal staan om die wêreld
te oordeel.
17 En hy wat nie volhard tot die
einde toe nie, is hy wat ook uitge-
kap en in die vuur gewerp word,
vanwaar hulle nie meer kan te-
rugkeer nie, vanweë die [a]gereg-
tigheid van die Vader.
18 En dit is die woord wat Hy
gegee het aan die kinders van
mense. En om hierdie rede ver-
vul Hy die woorde wat Hy gegee
het, en Hy lieg nie, maar vervul
al sy woorde.
19 En [a]geen onrein ding kan
sy koninkryk binnegaan nie;
daarom, niks gaan sy [b]rus binne
nie behalwe as dit diegene is wat
hulle kleding [c]gewas het in my
bloed, vanweë hulle geloof, en
die bekering van al hulle son-
des, en hulle getrouheid tot die
einde.
20 Nou, dit is die gebod: [a]Be-
keer, al julle eindes van die aarde,

11*a* Alma 5:52.
12*a* Openb. 14:13; L&V 59:2.
13*a* L&V 76:40–42. GS Evangelie.
*b* Joh. 6:38–39.
14*a* 1 Ne. 11:32–33; Moses 7:55.
*b* Joh. 6:44; 2 Ne. 9:5; L&V 27:18.
*c* GS Jesus Christus—Regter.
15*a* GS Versoen, Versoening.
16*a* GS Bekeer, Bekering.
*b* GS Doop.
*c* 1 Ne. 13:37. GS Volhard.
17*a* GS Geregtigheid.
19*a* Alma 11:37.
*b* L&V 84:24. GS Rus.
*c* Openb. 1:5; 7:14; Alma 5:21, 27; 13:11–13.
20*a* Ether 4:18.

en kom na My en word [b]gedoop
in my Naam, sodat julle [c]geheilig
mag word deur die ontvangs van
die Heilige Gees, sodat julle [d]vlek-
keloos mag staan voor My op die
laaste dag.
21 Voorwaar, voorwaar, Ek sê
vir julle, dit is my evangelie; en
julle weet die dinge wat julle moet
doen in my kerk; want die werke
wat julle My sien doen het, dit sal
julle ook doen; want dit wat julle
My sien doen het, naamlik dit sal
julle doen;
22 Daarom, as julle hierdie
dinge doen, geseënd is julle, want
julle sal verhef word op die laaste
dag.
23 Skryf die dinge wat julle ge-
sien en gehoor het, behalwe dit
wat [a]verbode is.
24 Skryf die werke van hierdie
volk, wat sal wees, net soos ge-
skrywe is, van dit wat was.
25 Want kyk, uit die boeke wat
geskrywe is, en wat geskrywe
sal word, sal hierdie volk [a]geoor-
deel word, want deur hulle sal
hulle [b]werke bekend wees aan
die mense.
26 En kyk, alle dinge word [a]ge-
skrywe deur die Vader; daarom,
uit die boeke wat geskrywe sal
word, sal die wêreld geoordeel
word.
27 En weet julle dat [a]julle regters
sal wees van hierdie volk, vol-
gens die oordeel wat Ek aan julle
sal gee, wat regverdig sal wees.
Daarom, watter [b]soort manne be-
hoort julle te wees? Voorwaar, Ek
sê vir julle, [c]net soos Ek is.
28 En nou, Ek [a]gaan na die Va-
der. En voorwaar Ek sê vir julle,
watter dinge julle ook al die Va-
der in my Naam sal vra, sal aan
julle gegee word.
29 Daarom, [a]vra, en julle sal ont-
vang; klop, en dit sal oopgemaak
word vir julle; want hy wat vra,
ontvang; en vir hom wat klop, sal
dit oopgemaak word.
30 En nou, kyk, my vreugde is
groot, tot volheid toe, vanweë
julle, en ook hierdie geslag; ja,
en ook die Vader jubel, en ook al
die heilige engele, vanweë julle
en hierdie geslag; want [a]geeneen
van hulle is verlore nie.
31 Kyk, Ek wil hê dat julle moet
verstaan; want Ek bedoel hulle
wat [a]nou lewend is van [b]hierdie
geslag; en nie een van hulle is ver-
lore nie; en in hulle het Ek volheid
van [c]vreugde.
32 Maar kyk, dit bedroef My
vanweë die [a]vierde geslag van
hierdie geslag af, want hulle word
gevange weggevoer deur hom net
soos die seun van die verderf was;

20*b* GS Doop—Noodsaaklik.
*c* GS Heiligmaking.
*d* L&V 4:2.
23*a* 3 Ne. 26:16.
25*a* 2 Ne. 33:10–15; WvM 1:11.
*b* 1 Ne. 15:32–33.
26*a* 3 Ne. 24:16.
GS Boek van die Lewe.
27*a* 1 Ne. 12:9–10; Morm. 3:19.
*b* GS Jesus Christus—Voorbeeld van Jesus Christus.
*c* Matt. 5:48; 3 Ne. 12:48.
28*a* Joh. 20:17.
29*a* Matt. 7:7; 3 Ne. 14:7.
30*a* Joh. 17:12.
31*a* 3 Ne. 9:11–13; 10:12.
*b* 3 Ne. 28:23.
*c* GS Vreugde.
32*a* 2 Ne. 26:9–10; Alma 45:10, 12.

want hulle sal My verkoop vir sil-
wer en vir goud, en vir dit wat
die [b]mot vernietig en waardeur
diewe kan inbreek en steel. En in
daardie dag sal Ek hulle besoek,
en wel deur hulle werke op hulle
eie hoofde te keer.
33 En dit het gebeur dat toe
Jesus hierdie woorde beëindig
het, het Hy aan sy dissipels gesê:
Gaan julle in deur die [a]eng poort;
want eng is die poort, en smal is
die weg wat lei na die lewe, en
min is daar wat dit vind; maar
breed is die poort en wyd die
weg wat lei na die dood; en baie
is daar wat daarop reis, totdat die
nag kom, waarin geen mens kan
werk nie.

## HOOFSTUK 28

*Nege van die twaalf dissipels begeer en word 'n erfenis belowe in Christus se koninkryk wanneer hulle sterwe—Die Drie Nefiete begeer en word mag gegee oor die dood ten einde op die aarde te bly totdat Jesus weer kom—Hulle word getransformeer en sien dinge wat hulle nie mag uiter nie en hulle dien nou onder die mense. Ongeveer 34–35 n.C.*

En dit het gebeur toe Jesus hier-
die woorde gesê het, het Hy met
sy dissipels gespreek, een vir een,
en vir hulle gesê: Wat is dit wat
julle van My begeer, nadat Ek na
die Vader gegaan het?
2 En hulle het almal gespreek,
behalwe drie, en gesê: Ons begeer
dat nadat ons geleef het tot die
jare van die mens, dat ons bedie-
ning, waartoe U ons geroep het,
'n einde mag hê, sodat ons spoe-
dig mag kom na U in u konink-
ryk.
3 En Hy het aan hulle gesê: Ge-
seënd is julle omdat julle hierdie
ding van My begeer het; daarom,
nadat julle twee en sewentig jaar
oud geword het, sal julle na My
in my koninkryk kom; en met My
sal julle [a]rus vind.
4 En nadat Hy met hulle ge-
spreek het, het Hy Homself na die
drie gedraai, en aan hulle gesê:
Wat wil julle hê dat Ek vir julle
moet doen, wanneer Ek na die Va-
der gegaan het?
5 En hulle was bedroef in hulle
harte, want hulle durf nie die
ding spreek met Hom wat hulle
begeer het nie.
6 En Hy het aan hulle gesê: Kyk,
Ek [a]ken julle gedagtes, en julle
het die ding begeer wat [b]Johan-
nes, my geliefde, wat by My was
in my bediening, voordat Ek op-
gehef is deur die Jode, begeer het
van My.
7 Daarom, meer geseënd is julle,
want julle sal [a]nooit die [b]dood
smaak nie; maar julle sal lewe
om al die handelinge te sien van
die Vader met die kinders van
mense, totdat alle dinge vervul

32*b* Matt. 6:19–21; 3 Ne. 13:19–21.
33*a* Matt. 7:13–14; 3 Ne. 14:13–14; L&V 22.
**28** 3*a* GS Rus.
6*a* Amos 4:13; Alma 18:32.
*b* Joh. 21:21–23; L&V 7:1–4.
7*a* 4 Ne. 1:14; Morm. 8:10–11; Ether 12:17.
*b* GS Getransfigureerde Wesens.

sal word volgens die wil van die Vader, wanneer Ek sal kom in my heerlikheid met die [c]magte van die hemel.
8 En julle sal nooit die pyne van die dood ervaar nie; maar wanneer Ek in my heerlikheid sal kom, sal julle verander word binne ′n oogwink van [a]sterflikheid na [b]onsterflikheid; en dan sal julle geseënd wees in die koninkryk van my Vader.
9 En verder, julle sal nie pyn hê terwyl julle in die vlees sal woon nie, nóg droefheid, behalwe vir die sondes van die wêreld; en dit alles sal Ek doen vanweë die ding wat julle begeer het van My, want julle het begeer dat julle die siele van mense na My mag [a]bring, terwyl die wêreld sal bestaan.
10 En om hierdie rede sal julle [a]volheid van vreugde hê; en julle sal in die koninkryk van my Vader sit; ja, julle vreugde sal vol wees, net soos die Vader vir My volheid van vreugde gegee het; en julle sal wees net soos Ek is, en Ek is net soos die Vader; en die Vader en Ek is [b]een;
11 En die [a]Heilige Gees lewer getuienis van die Vader en My; en die Vader gee die Heilige Gees aan die kinders van mense, vanweë My.
12 En dit het gebeur dat nadat Jesus hierdie woorde gespreek het, het Hy elkeen van hulle aangeraak met sy vinger behalwe die drie wat sou bly, en toe het Hy weggegaan.
13 En kyk, die hemele is geopen, en hulle is [a]weggevoer na die hemel, en het onuitspreeklike dinge gesien en gehoor.
14 En dit is hulle [a]verbied dat hulle sou uiter; nóg is aan hulle die mag gegee dat hulle die dinge kon uiter wat hulle gesien en gehoor het;
15 En of hulle in die liggaam was of buite die liggaam, kon hulle nie sê nie; want dit het gelyk vir hulle soos ′n [a]transfigurasie van hulle, dat hulle verander is van hierdie liggaam van vlees na ′n onsterflike toestand, sodat hulle die dinge van God kon aanskou.
16 Maar dit het gebeur dat hulle weer gedien het op die aangesig van die aarde; nogtans het hulle nie gespreek oor die dinge wat hulle gehoor en gesien het nie, vanweë die bevel wat hulle in die hemel gegee is.
17 En nou, of hulle sterflik of onsterflik was, vanaf die dag van hulle transfigurasie, weet ek nie;
18 Maar dít weet ek, volgens die verslag wat gegee is—hulle het uitgegaan op die aangesig van die land, en al die mense gedien, en soveel met die kerk verenig as wat in hulle prediking wou glo;

---

7*c* 3 Ne. 20:22.
8*a* 3 Ne. 28:36–40.
GS Sterflik, Sterflikheid.
*b* GS Onsterflik, Onsterflikheid.
9*a* Filip. 1:23–24; L&V 7:5–6.
10*a* L&V 84:36–38.
*b* Joh. 17:20–23.
11*a* 2 Ne. 31:17–21; 3 Ne. 11:32.
13*a* 2 Kor. 12:2–4.
14*a* L&V 76:114–116.
15*a* Moses 1:11.
GS Transfigurasie.

deur hulle te doop, en soveel as
wat gedoop is, het die Heilige
Gees ontvang.
19 En hulle is in die gevangenis
gewerp deur hulle wat nie aan die
kerk behoort het nie. En die [a]ge-
vangenisse kon hulle nie hou nie,
want hulle is in twee geskeur.
20 En hulle is neergewerp in die
aarde; maar hulle het die aarde
getref met die woord van God,
in soverre dat deur sy [a]krag hulle
uitgelewer is uit die dieptes van
die aarde; en daarom kon hulle
nie putte grawe genoegsaam om
hulle te hou nie.
21 En driekeer is hulle gewerp in
ʼn [a]vuuroond en is nie beseer nie.
22 En tweekeer is hulle gewerp
in ʼn [a]kuil van wilde diere; en kyk
hulle het gespeel met die diere
soos ʼn kind met ʼn sogende lam-
metjie, en is nie beseer nie.
23 En dit het gebeur dat hulle
so uitgegaan het onder die hele
volk van Nefi, en het die [a]evan-
gelie van Christus gepredik aan
al die mense op die aangesig van
die land; en hulle is bekeer tot die
Here, en is verenig met die kerk
van Christus, en so is die mense
geseën van [b]daardie geslag, vol-
gens die woord van Jesus.
24 En nou ek, Mormon, maak ʼn
einde daaraan om te spreek aan-
gaande hierdie dinge vir ʼn tyd-
perk.
25 Kyk, ek was op die punt
om die name [a]neer te skryf van
diegene wat nooit die dood sou
smaak nie, maar die Here het dit
verbied; daarom skryf ek hulle
nie, want hulle is verborge van
die wêreld.
26 Maar kyk, ek het hulle gesien,
en hulle het my gedien.
27 En kyk hulle sal onder die
nie-Jode wees, en die nie-Jode sal
hulle nie ken nie.
28 Hulle sal ook onder die Jode
wees, en die Jode sal hulle nie ken
nie.
29 En dit sal gebeur, wanneer
die Here dit goeddink in sy wys-
heid dat hulle al die [a]verstrooide
stamme van Israel sal dien, en alle
nasies, stamme, tale en volke, en
uit hulle baie siele sal bring tot
Jesus, sodat hulle begeerte ver-
vul mag word, en ook vanweë die
oortuigende krag van God wat in
hulle is.
30 En hulle is soos die [a]engele
van God, en as hulle sal bid tot
die Vader in die Naam van Jesus,
kan hulle hulleself toon aan wat-
ter mens hulle dit ook al goed ag.
31 Daarom, groot en wonder-
baarlike werke sal verrig word
deur hulle, voor die [a]groot en toe-
komstige dag wanneer alle mense
sekerlik moet staan voor die reg-
terstoel van Christus;
32 Ja, selfs onder die nie-Jode

19*a* Hand. 16:26; Alma 14:26–28.
20*a* Morm. 8:24.
21*a* Dan. 3:22–27; 4 Ne. 1:32.
22*a* Dan. 6:16–23; 4 Ne. 1:33.
23*a* GS Evangelie.
*b* 3 Ne. 27:30–31.
25*a* 3 Ne. 19:4.
29*a* GS Israel—Die tien verlore stamme van Israel; Israel—Die verstrooiing van Israel.
30*a* GS Engele.
31*a* Hel. 12:25; 3 Ne. 26:4–5.

sal daar ’n [a]groot en wonderbaarlike werk verrig word deur hulle, voor daardie oordeelsdag.

33 En as julle al die skrifture gehad het wat ’n kroniek gee van al die wonderbaarlike werke van Christus, sou julle, volgens die woorde van Christus, weet dat hierdie dinge sekerlik moet kom.

34 En wee hom wat [a]nie sal ag slaan op die woorde van Jesus nie, en ook hulle wat Hy gekies het en gestuur het onder hulle; want wie ook al nie die woorde van Jesus ontvang nie en die woorde van [b]hulle wat Hy gestuur het, ontvang Hom nie; en daarom sal Hy hulle nie ontvang op die laaste dag nie;

35 En dit sou beter wees vir hulle as hulle nie gebore was nie. Want veronderstel julle dat julle ontslae kan raak van die geregtigheid van ’n beledigde God, wat [a]vertrap is onder die voete van mense, dat heil daardeur mag kom?

36 En nou kyk, soos ek gespreek het aangaande diegene wat die Here gekies het, ja, naamlik drie wat opgeneem is in die hemele, dat ek nie geweet het of hulle gereinig is van sterflikheid tot onsterflikheid nie—

37 Maar kyk, vandat ek geskrywe het, het ek navraag gedoen by die Here, en Hy het dit geopenbaar aan my dat daar noodwendig ’n verandering bewerkstellig moet word in hulle liggame, of anders is dit noodwendig dat hulle die dood moet smaak;

38 Daarom, sodat hulle nie die dood mag smaak nie, is daar ’n [a]verandering bewerkstellig in hulle liggame, sodat hulle nie pyn of droefheid mag verduur nie, behalwe vir die sondes van die wêreld.

39 Nou, hierdie verandering was nie gelyk aan dit wat sal plaasvind op die laaste dag nie; maar daar was ’n verandering in hulle bewerkstellig, in soverre dat Satan geen mag kon hê oor hulle nie, dat hy hulle nie kon [a]versoek nie, en hulle is [b]geheilig in die vlees, dat hulle [c]heilig was, en dat die magte van die aarde hulle nie kon hou nie.

40 En in hierdie toestand sou hulle bly tot die oordeelsdag van Christus; en op daardie dag sou hulle ’n groter verandering ontvang, en om ontvang te word in die koninkryk van die Vader om nie meer uit te gaan nie, maar om met God vir ewig in die hemele te woon.

## HOOFSTUK 29

*Die verskyning van die Boek van Mormon is ’n teken dat die Here begin het om Israel bymekaar te maak en sy verbonde te vervul—Diegene wat sy openbaringe en gawes van*

32*a* 2 Ne. 25:17.
34*a* Ether 4:8–12.
*b* GS Profeet.
35*a* Hel. 12:2.
38*a* GS Getransfigureerde Wesens.
39*a* GS Versoek, Versoeking.
*b* GS Heiligmaking.
*c* GS Heiligheid.

*die laaste dae verwerp, sal vervloek word. Ongeveer 34–35 n.C.*

En nou kyk, ek sê vir julle dat wanneer die Here dit sal goeddink, in sy wysheid, dat hierdie woorde tot die nie-Jode sal [a]kom volgens sy woord, dan mag julle weet dat die [b]verbond wat die Vader gesluit het met die kinders van Israel, aangaande hulle herstelling tot die lande van hulle erfenis, alreeds begin om vervul te word.

2 En julle mag weet dat die woorde van die Here, wat gespreek is deur die heilige profete, sal alles vervul word; en julle hoef nie te sê dat die Here sy koms [a]vertraag tot die kinders van Israel nie.

3 En julle hoef julle nie te verbeel in julle harte dat die woorde wat gespreek is tevergeefs is nie, want kyk, die Here sal sy verbond onthou wat Hy gesluit het met sy volk van die huis van Israel.

4 En wanneer julle hierdie woorde sal sien verskyn onder julle, dan hoef julle nie langer die handelinge van die Here te versmaai nie, want die [a]swaard van sy [b]geregtigheid is in sy regterhand; en kyk, op daardie dag, as julle sy handelinge sal versmaai, sal Hy veroorsaak dat dit julle gou inhaal.

5 [a]Wee hom wat die handelinge van die Here [b]versmaai; ja, wee hom wat die Christus sal [c]loën en sy werke!

6 Ja, [a]wee hom wat die openbaringe van die Here sal loën, en wat sal sê dat die Here nie langer deur openbaring werk nie, of deur profesie, of deur [b]gawes, of deur tonge, of deur genesings, of deur die mag van die Heilige Gees nie!

7 Ja, en wee hom wat op daardie dag sal sê, om [a]gewin te verkry, dat daar [b]geen wonderwerk verrig kan word deur Jesus Christus nie; want hy wat dit doen sal word soos die [c]seun van die verderf, vir wie daar geen barmhartigheid is nie, volgens die woord van Christus!

8 Ja, en julle hoef nie langer die [a]Jode te [b]spot nie, nóg te [c]versmaai, nóg belaglik te maak, nóg enige van die oorblyfsels van die huis van Israel; want kyk, die Here onthou sy verbond met hulle, en Hy sal aan hulle doen volgens dit wat Hy gesweer het.

9 Daarom, julle hoef nie te veronderstel dat julle die regterhand van die Here na links kan draai, sodat Hy nie oordeel mag uitvoer ter vervulling van die verbond wat Hy met die huis van Israel gesluit het nie.

**29** 1*a* 2 Ne. 30:3–8.
*b* Morm. 5:14, 20.
2*a* Lk. 12:45–48.
4*a* 3 Ne. 20:20.
*b* GS Geregtigheid.
5*a* 2 Ne. 28:15–16.
*b* Morm. 8:17; Ether 4:8–10.
*c* Matt. 10:32–33.
6*a* Morm. 9:7–11, 15.
*b* GS Gawes van die Gees.
7*a* GS Priesterlis.
*b* 2 Ne. 28:4–6; Morm. 9:15–26.
*c* GS Seuns van die Verderf.
8*a* GS Jode.
*b* 1 Ne. 19:14.
*c* 2 Ne. 29:4–5.

## HOOFSTUK 30

*Die nie-Jode van die laaste dae word gebied om te bekeer, na Christus te kom, en gereken te word onder die huis van Israel. Ongeveer 34–35 n.C.*

Slaan ag, o julle nie-Jode, en
hoor die woorde van Jesus Christus, die Seun van die lewende
God, wat Hy my [a]gebied het dat
ek moes spreek aangaande julle,
want, kyk Hy gebied my dat ek
moet skrywe, en het gesê:
2 Draai weg, al julle [a]nie-Jode,
van julle goddelose weë; en [b]bekeer van julle bose handelinge, van julle leuens en bedrieërye, en van julle hoererye, en van julle geheime gruwels, en julle afgoderye, en van julle moorde, en julle priesterliste, en julle afguns, en julle onenighede, en van al julle boosheid en gruwels, en kom na My, en word gedoop in my Naam, sodat julle 'n vergifnis mag ontvang van julle sondes, en vervul kan word met die Heilige Gees, sodat julle [c]gereken kan word onder my volk wat van die huis van Israel is.

# VIERDE NEFI
# DIE BOEK VAN NEFI

### WAT DIE SEUN IS VAN NEFI—EEN VAN DIE DISSIPELS VAN JESUS CHRISTUS

'n Kroniek van die volk van Nefi, volgens sy verslag.

*Die Nefiete en die Lamaniete word almal bekeer tot die Here—Hulle het alle dinge in gemeen, verrig wonderwerke en is voorspoedig in die land—Na twee eeue ontstaan verdeeldheid, booshede, valse kerke en vervolgings—Na driehonderd jaar is beide die Nefiete en die Lamaniete boos—Ammaron bêre die heilige kronieke weg. Ongeveer 35–321 n.C.*

En dit het gebeur dat die vier
en dertigste jaar verbygegaan
het, en ook die vyf en dertigste, en kyk, die dissipels van Jesus het 'n kerk van Christus gestig in al die lande rondomheen. En soveel as wat na hulle gekom het, en waarlik bekeer het van hulle sondes, is gedoop in die Naam van Jesus; en hulle het ook die Heilige Gees ontvang.
2 En dit het gebeur in die ses
en dertigste jaar, is die mense almal bekeer tot die Here, op die hele aangesig van die land, beide

**30** 1*a* 3 Ne. 5:12–13.
2*a* GS Nie-Jode.
*b* GS Bekeer, Bekering.
*c* Gal. 3:27–29; 2 Ne. 10:18–19; 3 Ne. 16:10–13; 21:22–25; Abr. 2:10.

Nefiete en Lamaniete, en daar was geen twiste of redekawelings onder hulle nie, en elke mens het regverdig gehandel die een met die ander.

3 En hulle het [a]alle dinge in gemeen gehad onder hulle; daarom was daar nie ryk en arm, slaaf en vryman nie, maar hulle is almal vrygemaak, en deelgenote van die hemelse gawe.

4 En dit het gebeur dat die sewe en dertigste jaar ook verbygegaan het, en vrede het nog voortgeduur in die land.

5 En daar is groot en wonderbaarlike werke verrig deur die dissipels van Jesus, in soverre dat hulle die siekes [a]genees het, en die dooies opgewek het, en die verlamdes laat loop het, en blindes hulle sig laat ontvang, en die dowes laat hoor; en allerlei soorte [b]wonderwerke het hulle verrig onder die kinders van mense; en in niks het hulle wonderwerke verrig nie behalwe in die Naam van Jesus.

6 En so het die agt en dertigste jaar verbygegaan, en ook die nege en dertigste, en een en veertigste, en die twee en veertigste, ja, en wel tot nege en veertig jaar verbygegaan het, en ook die een en vyftigste en die twee en vyftigste; ja, en tot nege en vyftig jaar verbygegaan het.

7 En die Here het hulle uitermate voorspoedig gemaak in die land; ja, in soverre dat hulle weer stede gebou het waar daar stede verbrand was.

8 Ja, selfs ook daardie groot [a]stad Zarahemla het hulle weer laat bou.

9 Maar daar was baie stede wat [a]weggesink het en waters het opgekom in die plek daarvan; daarom kon hierdie stede nie vernuwe word nie.

10 En nou, kyk, dit het gebeur dat die volk van Nefi sterk geword het, en uitermate vinnig vermeerder het, en ′n uitermate [a]mooi en aangename volk geword het.

11 En hulle is getroud, en is uitgegee in die huwelik, en is geseën volgens die menigte beloftes wat die Here aan hulle gemaak het.

12 En hulle het nie meer gewandel volgens die [a]handelinge en ordinansies van die [b]wet van Moses nie; maar hulle het gewandel volgens die gebooie wat hulle ontvang het van hulle Here en hulle God, en hulle het volgehou met [c]vas en gebed, en om dikwels byeen te kom, beide om te bid en om die woord van die Here aan te hoor.

13 En dit het gebeur dat daar geen twis onder die hele volk in die hele land was nie; maar daar is magtige wonderwerke verrig onder die dissipels van Jesus.

---

**1** 3*a* Hand. 4:32; 3 Ne. 26:19. GS Toewy, Wet van Toewyding.
5*a* GS Genees, Genesings.
*b* Joh. 14:12. GS Wonderwerk.
8*a* 3 Ne. 8:8.
9*a* 3 Ne. 9:4, 7.
10*a* Morm. 9:6.
12*a* 2 Ne. 25:30; 3 Ne. 15:2–8.
*b* GS Wet van Moses.
*c* Moro. 6:5; L&V 88:76–77.

14 En dit het gebeur dat die een en sewentigste jaar verbygegaan het, en ook die twee en sewentigste jaar, ja, en kortom, totdat die nege en sewentigste jaar verbygegaan het; ja, en wel ′n honderd jaar het verbygegaan, en die dissipels van Jesus, wat Hy gekies het, het almal na die [a]paradys van God gegaan, behalwe die [b]drie wat sou vertoef; en daar is ander [c]dissipels in hulle plek [d]georden; en ook baie van daardie geslag het heengegaan.

15 En dit het gebeur dat daar [a]geen onenigheid in die land was nie vanweë die liefde van God wat in die harte van die volk gewoon het.

16 En daar was [a]geen afguns nie, nóg onenighede, nóg rumoer, nóg hoerery, nóg leuens, nóg moorde, nóg enige soort [b]wellustigheid; en waarlik kon daar nie ′n [c]gelukkiger volk wees onder al die mense wat geskape is deur die hand van God nie.

17 Daar was geen rowers nie, nóg moordenaars, nóg was daar Lamaniete, nóg enige ander soort -iete; maar hulle was [a]een, die kinders van Christus, en erfgename van die koninkryk van God.

18 En hoe geseënd was hulle! Want die Here het hulle geseën in al hulle doen en late; ja, en wel is hulle geseën en was voorspoedig tot ′n honderd en tien jaar verbygegaan het; en die eerste geslag na Christus het heengegaan, en daar was geen twis in die hele land nie.

19 En dit het gebeur dat Nefi, hy wat hierdie laaste kroniek bygehou het, (en hy het dit gehou op die [a]plate van Nefi) gesterwe het, en sy seun Amos het dit gehou in sy plek; en hy het dit ook op die plate van Nefi bygehou.

20 En hy het dit vier en tagtig jaar bygehou, en daar was nog steeds vrede in die land, behalwe vir ′n klein gedeelte van die volk wat afvallig geword het van die kerk en die naam van Lamaniete op hulle geneem het; daarom het daar weer begin om Lamaniete te wees in die land.

21 En dit het gebeur dat Amos ook gesterwe het, (en dit was ′n honderd vier en negentig jaar vanaf die koms van Christus) en sy seun Amos het die kroniek in sy plek bygehou; en hy het dit ook bygehou op die plate van Nefi; en dit is ook geskrywe in die boek van Nefi, wat hierdie boek is.

22 En dit het gebeur dat tweehonderd jaar verbygegaan het; en die tweede geslag het almal heengegaan behalwe vir ′n paar.

23 En nou ek, Mormon, wil hê dat julle moet weet dat die volk vermeerder het, in soverre dat

14*a* GS Paradys.
*b* 3 Ne. 28:3–9. GS Getransfigureerde Wesens.
*c* GS Dissipel.
*d* GS Ordineer, Ordinering.
15*a* GS Vrede.
16*a* GS Eenheid.
*b* GS Wellus, Wellustigheid.
*c* Mosia 2:41; Alma 50:23. GS Vreugde.
17*a* Joh. 17:21. GS Sion.
19*a* GS Plate.

hulle versprei is oor die hele aangesig van die land, en dat hulle uitermate ryk geword het vanweë hulle voorspoed in Christus.
24 En nou, in hierdie tweehonderd en eerste jaar het daar onder hulle diegene begin wees wat verhef was in [a]hoogmoed, soos die dra van duur kleding, en allerlei soorte voortreflike pêrels, en van die mooi dinge van die wêreld.
25 En van daardie tyd af aan het hulle hul besittings en hul goed nie meer [a]in gemeen gehad nie.
26 En hulle het begin om verdeel te word in klasse; en hulle het begin om [a]kerke op te bou vir hulleself om [b]gewin te verkry, en het begin om die ware kerk van Christus te loën.
27 En dit het gebeur dat toe tweehonderd en tien jaar verbygegaan het, was daar baie kerke in die land; ja, daar was baie kerke wat voorgegee het om die Christus te ken, en tog het hulle die grootste gedeelte van sy evangelie [a]geloën, in soverre dat hulle allerlei booshede toegelaat het, en dit wat heilig was bedien het aan hom vir wie dit [b]verbied is weens onwaardigheid.
28 En hierdie [a]kerk het uitermate vermeerder weens ongeregtigheid, en weens die mag van Satan wat ′n houvas gekry het op hulle harte.
29 En verder, daar was ′n ander kerk wat die Christus geloën het; en hulle het die ware kerk van Christus [a]vervolg, vanweë hulle ootmoed en hulle geloof in Christus; en hulle het hulle verag weens die baie wonderwerke wat onder hulle verrig is.
30 Daarom het hulle mag en gesag uitgeoefen oor die dissipels van Jesus wat vertoef het by hulle, en hulle het hulle in die [a]gevangenis gewerp; maar deur die krag van die woord van God, wat in hulle was, is die gevangenis in twee geskeur, en hulle het uitgegaan en magtige wonderwerke onder hulle gedoen.
31 Nogtans, en nieteenstaande al hierdie wonderwerke, het die mense hulle harte verhard, en het gesoek om hulle dood te maak, net soos die Jode in Jerusalem gesoek het om Jesus dood te maak, volgens sy woord.
32 En hulle het hulle in [a]oonde van [b]vuur gewerp, en hulle het uitgekom sonder om enige letsel op te doen.
33 En hulle het hulle ook in [a]kuile met wilde diere gewerp, en hulle het gespeel met die wilde diere net soos ′n kind met ′n lammetjie; en hulle het uitgekom onder hulle, sonder om enige letsel op te doen.
34 Nogtans, die volk het hulle harte verhard, want hulle is gelei deur baie priesters en valse

24 *a* GS Hoogmoed.
25 *a* 4 Ne. 1:3.
26 *a* 1 Ne. 22:23; 2 Ne. 28:3; Morm. 8:32–38.
*b* L&V 10:56.
GS Priesterlis.
27 *a* GS Afval.
*b* 3 Ne. 18:28–29.
28 *a* GS Duiwel—Die kerk van die duiwel.
29 *a* GS Vervolg, Vervolging.
30 *a* 3 Ne. 28:19–20.
32 *a* 3 Ne. 28:21.
*b* Dan. 3:26–27.
33 *a* 3 Ne. 28:22.

profete om baie kerke op te bou,
en om allerlei ongeregtighede te
doen. En hulle het die volk van
Jesus [a]geslaan, maar die volk van
Jesus het nie weer teruggeslaan
nie. En so het hulle gekwyn in ongeloof en in boosheid, van jaar tot
jaar, totdat tweehonderd en dertig jaar verbygegaan het.
35 En nou het dit gebeur in hierdie jaar, ja, in die tweehonderd een
en dertigste jaar, was daar 'n groot
verdeeldheid onder die volk.
36 En dit het gebeur dat in hierdie jaar het daar 'n volk tot stand
gekom wat die Nefiete genoem
is, en hulle was ware gelowiges
in Christus; en onder hulle was
daar diegene wat deur die Lamaniete genoem is—Jakobiete, en Josefiete, en Zoramiete;
37 Daarom is die ware gelowiges
in Christus, en die ware aanbidders van Christus, (onder wie die
[a]drie dissipels van Jesus was wat
sou vertoef) genoem Nefiete, en Jakobiete, en Josefiete, en Zoramiete.
38 En dit het gebeur dat hulle
wat die evangelie verwerp het,
is Lamaniete, en Lemueliete, en
Ismaeliete genoem; en hulle het
nie gekwyn in ongeloof nie, maar
hulle het moedswillig [a]gerebelleer teen die evangelie van Christus; en hulle het hulle kinders
geleer dat hulle nie moes glo nie,
net soos hulle voorvaders van die
begin af gekwyn het.
39 En dit was weens die boosheid en gruwels van hulle vaders,
net soos dit in die begin was. En
hulle is [a]geleer om die kinders
van God te haat, net soos die Lamaniete geleer is om die kinders
van Nefi te haat van die begin af.
40 En dit het gebeur dat tweehonderd vier en veertig jaar verbygegaan het; en so was die sake van die
volk. En die goddeloser gedeelte
van die volk het sterk geword, en
het uitermate talryker geword as
wat die volk van God was.
41 En hulle het steeds volgehou
om kerke op te bou vir hulleself,
en hulle te versier met allerlei
soorte kosbare dinge.
42 En so het tweehonderd en
vyftig jaar verbygegaan, en ook
tweehonderd en sestig jaar. En dit
het gebeur dat die goddeloser gedeelte van die volk begin het om
weer die geheime ede en [a]organisasies van Gadianton te vestig.
43 En ook die volk wat die volk
van Nefi genoem is, het begin
om hoogmoedig te word in hulle
harte, vanweë hulle uitermate
rykdom, en het ydel geword soos
hulle broers, die Lamaniete.
44 En van hierdie tyd af het die
dissipels begin om te treur oor die
[a]sondes van die wêreld.
45 En dit het gebeur dat toe driehonderd jaar verbygegaan het,
het beide die volk van Nefi en
die Lamaniete uitermate boos geword, die een net soos die ander.
46 En dit het gebeur dat die

34*a* 3 Ne. 12:39; L&V 98:23–27.
37*a* 3 Ne. 28:6–7; Morm. 8:10–11.
38*a* GS Rebellie.
39*a* Mosia 10:17.
42*a* GS Geheime Organisasies.
44*a* 3 Ne. 28:9.

rowers van Gadianton versprei
het oor die hele aangesig van die
land; en daar was niemand wat
regverdig was nie behalwe die
dissipels van Jesus. En goud en
silwer het hulle weggelê in oor-
vloed, en het in allerlei soorte
goedere handel gedrywe.
47 En dit het gebeur dat nadat
driehonderd en vyf jaar verbyge-
gaan het, (en die volk het steeds
in boosheid verkeer) het Amos
gesterf; en sy broer Ammaron het
die kroniek bygehou in sy plek.
48 En dit het gebeur dat toe drie-
honderd en twintig jaar verbyge-
gaan het, het Ammaron, omdat
hy gedwing was deur die Hei-
lige Gees, die [a]kronieke wegge-
bêre wat heilig was—ja, selfs al
die heilige kronieke wat oorgele-
wer is van geslag tot geslag, wat
heilig was—naamlik tot die drie-
honderd en twintigste jaar vanaf
die koms van Christus.
49 En hy het hulle weggebêre
tot die Here sodat hulle weer mag
[a]kom tot die oorblyfsel van die
huis van Jakob, volgens die profe-
sieë en die beloftes van die Here.
En aldus is die einde van die kro-
niek van Ammaron.

# DIE BOEK VAN MORMON

## HOOFSTUK 1

*Ammaron gee Mormon opdrag aangaande die heilige kronieke—Oorlog begin tussen die Nefiete en die Lamaniete—Die Drie Nefiete word weggeneem—Boosheid, ongeloof, towery en heksery heers. Ongeveer 321–326 n.C.*

EN nou ek, [a]Mormon, maak 'n
[b]kroniek van die dinge wat
ek beide gesien en gehoor het, en
noem dit die Boek van Mormon.
2 En omtrent die tyd dat [a]Am-
maron die kronieke weggebêre
het tot die Here, het hy na my
gekom, (ek was omtrent tien jaar
oud, en ek het begin om [b]geleerd
te word in 'n mate volgens die
wyse van die geleerdheid van
my volk) en Ammaron het aan my
gesê: Ek bemerk dat jy 'n ernstige
kind is, en vlug van begrip;
3 Daarom, wanneer jy omtrent
vier en twintig jaar oud is, wil
ek hê dat jy die dinge moet ont-
hou wat jy waargeneem het aan-
gaande hierdie volk; en wanneer
jy daardie ouderdom is, gaan na
die land Antum, na 'n heuwel
wat [a]Sim genoem sal word; en
daar het ek al die heilige grave-
rings weggebêre tot die Here aan-
gaande hierdie volk.

48*a* Hel. 3:13, 15–16.
49*a* Enos 1:13.

[MORMON]
**1** 1*a* GS Mormon, Nefitiese Profeet.
*b* 3 Ne. 5:11–18.
2*a* 4 Ne. 1:47–49.
*b* Mosia 1:3–5.
3*a* Ether 9:3.

4 En kyk, jy sal die [a]plate van
Nefi vir jouself neem, en die res sal
jy laat in die plek waar hulle is; en
jy sal al die dinge wat jy waargeneem het aangaande hierdie volk
graveer op die plate van Nefi.
5 En ek, Mormon, omdat ek 'n
afstammeling is van [a]Nefi, (en my
vader se naam was Mormon) het
die dinge onthou wat Ammaron
my beveel het.
6 En dit het gebeur dat ek, toe
ek elf jaar oud was, weggeneem
is deur my vader na die land suidwaarts, en wel na die land Zarahemla.
7 Die hele aangesig van die
land was oortrek met geboue, en
die volk was byna so talryk, as't
ware, soos die sand van die see.
8 En dit het gebeur in hierdie
jaar het daar 'n oorlog begin ontstaan tussen die Nefiete, wat bestaan het uit die Nefiete en die
Jakobiete, en die Josefiete en die
Zoramiete; en hierdie oorlog was
tussen die Nefiete, en die Lamaniete en die Lemueliete en die Ismaeliete.
9 Nou, die Lamaniete en die Lemueliete en die Ismaeliete is Lamaniete genoem, en die twee
groepe was Nefiete en Lamaniete.
10 En dit het gebeur dat die oorlog onder hulle begin ontstaan het
langs die grense van Zarahemla,
by die waters van Sidon.
11 En dit het gebeur dat die Nefiete 'n groot getal manne bymekaar gemaak het, wat die getal
van dertigduisend oorskry het.
En dit het gebeur dat hulle in dieselfde jaar 'n aantal veldslae gehad het, waarin die Nefiete die
Lamaniete verslaan het, en baie
van hulle gedood het.
12 En dit het gebeur dat die Lamaniete afgesien het van hulle
plan, en daar is vrede gestig in
die land; en die vrede het geduur
vir 'n tydperk van omtrent vier
jaar, dat daar geen bloedvergieting was nie.
13 Maar boosheid het geheers
oor die aangesig van die hele
land, in soverre dat die Here sy
[a]geliefde dissipels weggeneem
het, en die werk van wonders
en genesing het opgehou vanweë die ongeregtigheid van die
volk.
14 En daar was geen [a]gawes
van die Here nie, en die [b]Heilige
Gees het nie oor enigeen gekom
nie, vanweë hul boosheid en [c]ongeloof.
15 En ek, toe ek vyftien jaar oud
was, en omdat ek ietwat ernstig
van geaardheid was, daarom is ek
besoek deur die Here, en het van
die goedheid van Jesus gesmaak
en geweet.
16 En ek het gepoog om te
preek vir hierdie volk, maar my
mond is gesluit, en ek is verbied
dat ek vir hulle sou preek; want
kyk, hulle het moedswillig [a]gerebelleer teen hulle God; en die

4*a* WvM 1:1, 11.
GS Plate.
5*a* 3 Ne. 5:12, 20.
13*a* 3 Ne. 28:2, 12.
14*a* Moro. 10:8–18, 24.
*b* GS Heilige Gees.
*c* GS Ongeloof.
16*a* GS Rebellie.

geliefde dissipels is [b]weggeneem uit die land, vanweë hulle ongeregtigheid.

17 Maar ek het onder hulle gebly, maar ek is verbied om vir hulle te preek, vanweë die hardheid van hulle harte; en vanweë die hardheid van hulle harte was die land [a]vervloek om hulle ontwil.

18 En hierdie Gadianton-rowers, wat onder die Lamaniete was, het die land vervuil, tot so ′n mate dat die inwoners daarvan begin het om hulle [a]skatte weg te bêre in die aarde; en hulle het glibberig geword, omdat die Here die land vervloek het, dat hulle hul nie kon hou nie, nóg hulle weer behou.

19 En dit het gebeur dat daar towery, en heksery, en towerkuns was; en die mag van die bose een was werksaam oor die hele aangesig van die land, en wel tot die vervulling van al die woorde van Abinadi, en ook Samuel die Lamaniet.

## HOOFSTUK 2

*Mormon lei die Nefitiese leërs—Bloed en slagting oorspoel die land—Die Nefiete weeklaag en rouklaag met die droefheid van die verdoemdes—Hulle dag van genade is verby—Mormon bekom die plate van Nefi—Oorloë duur voort. Ongeveer 327–350 n.C.*

En dit het gebeur in daardie selfde jaar het daar weer ′n oorlog begin ontstaan tussen die Nefiete en die Lamaniete. En nieteenstaande ek jonk was, was ek groot van gestalte; daarom het die volk van Nefi my aangestel dat ek hulle leier moes wees, of die leier van hulle leërs.

2 Daarom het dit gebeur dat in my sestiende jaar het ek uitgegaan aan die hoof van ′n leër van die Nefiete, teen die Lamaniete; daarom, driehonderd ses en twintig jaar het verbygegaan.

3 En dit het gebeur dat in die driehonderd sewe en twintigste jaar het die Lamaniete opgekom teen ons met aansienlike groot krag, in soverre dat hulle my leërs verskrik het; daarom wou hulle nie veg nie, en hulle het begin om terug te trek na die noordelike lande.

4 En dit het gebeur dat ons by die stad Angola gekom het, en ons het besit geneem van die stad, en voorbereidings gemaak om onsself te verdedig teen die Lamaniete. En dit het gebeur dat ons die stad versterk het met al ons mag; maar nieteenstaande al ons versterkings het die Lamaniete op ons afgekom en het ons verdryf uit die stad.

5 En hulle het ons ook verdryf uit die land Dawid.

6 En ons het uitgemarsjeer en gekom by die land Josua, wat aan die grense wes was, by die seekus.

16*b* Morm. 8:10.
17*a* 2 Ne. 1:7;
Alma 45:10–14, 16.
18*a* Hel. 13:18–20;
Ether 14:1–2.

7 En dit het gebeur dat ons ons
mense bymekaar begin maak het
so vinnig as wat moontlik was,
sodat ons hulle bymekaar kon kry
in een groep.
8 Maar kyk, die land was ge-
vul met rowers en met Lama-
niete; en ten spyte van die groot
vernietiging wat oor my volk ge-
hang het, het hulle nie bekeer van
hulle bose dade nie; daarom was
daar bloed en slagting versprei
dwarsoor die hele aangesig van
die land, beide aan die kant van
die Nefiete en ook aan die kant
van die Lamaniete; en dit was
een volslae revolusie dwarsoor
die hele aangesig van die land.
9 En nou, die Lamaniete het ʼn
koning gehad, en sy naam was
Aäron; en hy het teen ons opge-
kom met ʼn leër van vier en veer-
tigduisend. En kyk, ek het hom
weerstaan met twee en veertig-
duisend. En dit het gebeur dat
ek hom verslaan het met my leër,
sodat hy voor my gevlug het. En
kyk, dit alles is gedoen, en drie-
honderd en dertig jaar het verby-
gegaan.
10 En dit het gebeur dat die Ne-
fiete begin het om te bekeer van
hulle ongeregtigheid, en begin
het om uit te roep net soos ge-
profeteer is deur Samuel die pro-
feet; want kyk, geen mens kon dit
behou wat sy eie was nie, weens
die diewe, en die rowers, en die
moordenaars, en die towerkuns,
en die heksery wat in die land
was.
11 So het daar begin om ʼn rou-
klag en ʼn weeklag te wees oor die
hele land vanweë hierdie dinge,
en meer in besonder onder die
volk van Nefi.
12 En dit het gebeur dat toe ek,
Mormon, hulle geweeklaag en
hulle rouklaag gesien het en hulle
droefheid voor die Here, het my
hart begin jubel in my, omdat ek
geweet het van die barmhartig-
heid en die lankmoedigheid van
die Here, daarom het ek veronder-
stel dat Hy barmhartig sou wees
teenoor hulle sodat hulle weer ʼn
regverdige volk sou word.
13 Maar kyk, hierdie vreugde
van my was vergeefs, want hulle
[a]droefheid was nie tot beke-
ring, vanweë die goedheid van
God nie; maar dit was eerder die
droefheid van die [b]verdoemdes,
omdat die Here hulle nie altyd
sou toelaat om [c]geluk te vind in
sonde nie.
14 En hulle het nie na Jesus ge-
kom met gebroke [a]harte en ver-
slae geeste nie, maar hulle het
God [b]vervloek, en gewens om te
sterwe. Nogtans sou hulle veg
met die swaard vir hulle lewens.
15 En dit het gebeur dat my
droefheid weer teruggekeer het
na my, en ek het gesien dat die
[a]dag van [b]genade vir hulle [c]verby-
gegaan het, beide stoflik en gees-
telik; want ek het duisende van

**2** 13*a* 2 Kor. 7:10; Alma 42:29.
*b* GS Verdoemenis.
*c* Alma 41:10.
14*a* GS Gebroke Hart.
*b* GS Laster, Godslastering.
15*a* Hel. 13:38.
*b* GS Genade.
*c* Jer. 8:20; L&V 56:16.

hulle gesien wat neergevel is in openlike rebellie teen hulle God, en opgehoop is soos mis op die aangesig van die land. En so het driehonderd vier en veertig jaar verbygegaan.

16 En dit het gebeur dat in die driehonderd vyf en veertigste jaar het die Nefiete begin om te vlug voor die Lamaniete; en hulle is agtervolg totdat hulle by die land Jason gekom het, voor dit moontlik was om hulle te stuit in hulle vlug.

17 En nou, die stad Jason was naby die [a]land waar Ammaron die kronieke tot die Here weggebêre het, sodat hulle nie vernietig mag word nie. En kyk, ek het gehandel volgens die woord van Ammaron, en die plate van Nefi geneem, en het ′n kroniek gemaak volgens die woorde van Ammaron.

18 En op die plate van Nefi het ek ′n volledige kroniek gemaak van al die boosheid en gruwels; maar op hierdie [a]plate het ek my daarvan weerhou om ′n volledige kroniek te maak van hulle boosheid en gruwels, want kyk, ′n voortdurende toneel van boosheid en gruwels was voor my oë vandat ek in staat was om die weë van die mens te aanskou.

19 En wee my vanweë hulle boosheid; want my hart was gevul met droefheid vanweë hulle boosheid, al my dae; nogtans, ek weet dat ek op die laaste dag [a]verhef sal word.

20 En dit het gebeur dat in hierdie jaar is die volk van Nefi weer gejag en verdryf. En dit het gebeur dat ons uitgedryf is totdat ons noordwaarts gekom het tot by die land wat Sem genoem is.

21 En dit het gebeur dat ons die stad Sem versterk het, en ons het ons mense bymekaar gemaak soveel as wat moontlik was, sodat ons hulle miskien kon red van vernietiging.

22 En dit het gebeur in die driehonderd ses en veertigste jaar het hulle begin om weer op ons af te kom.

23 En dit het gebeur dat ek met my volk gespreek het, en hulle aangespoor het met groot krag, dat hulle dapper voor die Lamaniete moes staan, en [a]veg vir hulle vroue, en hulle kinders, en hulle huise, en hulle wonings.

24 En my woorde het hulle ietwat opgewek tot lewenskrag, in so ′n mate dat hulle nie voor die Lamaniete gevlug het nie, maar met dapperheid teen hulle bly staan het.

25 En dit het gebeur dat ons geveg het met ′n leër van dertigduisend teen ′n leër van vyftigduisend. En dit het gebeur dat ons voor hulle gestaan het met sodanige vasberadenheid dat hulle voor ons gevlug het.

26 En dit het gebeur dat toe hulle gevlug het, het ons hulle met ons leërs agternagesit, en het hulle weer die stryd aangesê, en het hulle verslaan; nogtans was die

17*a* Morm. 1:1–4.
18*a* GS Plate.
19*a* Mosia 23:22; Ether 4:19.
23*a* Mosia 20:11; Alma 43:45.

krag van die Here nie met ons nie;
ja, ons is oorgelaat aan onsself, dat
die Gees van die Here nie in ons
vertoef het nie; daarom het ons
swak geword net soos ons broers.

27 En my hart het getreur vanweë
hierdie groot ramp van my
volk, vanweë hulle boosheid en
hulle gruwels. Maar kyk, ons het
uitgegaan teen die Lamaniete, en
die rowers van Gadianton, totdat
ons weer besit geneem het van die
lande van ons erfenis.

28 En die driehonderd nege en
veertigste jaar het verbygegaan.
En in die driehonderd en vyftigste
jaar het ons ʼn verdrag gesluit met
die Lamaniete en die rowers van
Gadianton, waarin ons die lande
van ons erfenis verdeel gekry het.

29 En die Lamaniete het aan ons
die land noordwaarts gegee, ja, en
wel tot by die [a]smal strook wat
gelei het na die land suidwaarts.
En ons het aan die Lamaniete die
hele land suidwaarts gegee.

## HOOFSTUK 3

*Mormon roep die Nefiete tot bekering—Hulle behaal ʼn groot oorwinning en roem in hulle eie krag—Mormon weier om hulle te lei en sy gebede vir hulle is sonder geloof—Die Boek van Mormon nooi die twaalf stamme van Israel om die evangelie te glo. Ongeveer 360–362 n.C.*

En dit het gebeur dat die Lamaniete
nie weer tot die stryd
oorgegaan het voordat nog tien
jaar verbygegaan het nie. En kyk,
ek het my volk, die Nefiete, besig
gehou om hulle lande en hulle
wapens voor te berei in geval van
oorlog.

2 En dit het gebeur dat die Here
aan my gesê het: Roep tot hierdie
volk—Bekeer julle, en kom na
My toe, en laat julle doop, en bou
weer my kerk op, en julle sal gespaar
word.

3 En ek het geroep tot hierdie
volk, maar dit was tevergeefs;
en hulle het nie besef dat dit die
Here was wat hulle gespaar het,
en aan hulle ʼn kans gegun het om
te bekeer nie; en kyk, hulle het hul
harte verhard teen die Here hulle
God.

4 En dit het gebeur dat nadat
hierdie tiende jaar verbygegaan
het, wat altesame driehonderd en
sestig jaar gemaak het vanaf die
koms van Christus, het die koning
van die Lamaniete ʼn brief
gestuur aan my, wat my laat weet
het dat hulle voorberei het om
weer op te ruk in die stryd teen
ons.

5 En dit het gebeur dat ek my
volk hulself laat bymekaarmaak
het by die land Verlatenheid, by
ʼn stad wat binne die grens was,
by die smal strook wat na die land
suidwaarts gelei het.

6 En daar het ons ons leërs geplaas,
sodat ons die leërs van die
Lamaniete mag stuit, sodat hulle
nie besit mag kry van enige van
ons lande nie; daarom het ons

29 *a* Alma 22:32.

ons versterk teen hulle met al
ons mag.
7 En dit het gebeur dat in die
driehonderd een en sestigste jaar
het die Lamaniete afgekom na die
stad Verlatenheid om teen ons te
veg; en dit het gebeur dat in daar-
die jaar het ons hulle verslaan, in
soverre dat hulle weer terugge-
keer het na hulle eie lande.
8 En in die driehonderd twee en
sestigste jaar het hulle weer afge-
kom in die stryd. En ons het hulle
weer verslaan, en het 'n groot
aantal van hulle gedood, en hulle
dooies is in die see gewerp.
9 En nou, vanweë hierdie groot
ding wat my volk, die Nefiete ge-
doen het, het hulle begin [a]roem
in hulle eie krag, en begin om te
sweer voor die hemele dat hulle
hul sou wreek oor die bloed van
hulle broers wat gedood is deur
hul vyande.
10 En hulle het gesweer by die
hemele, en ook by die troon van
God, dat hulle [a]sou optrek in die
stryd teen hulle vyande, en hulle
sou afsny vanaf die aangesig van
die land.
11 En dit het gebeur dat ek, Mor-
mon, vanaf daardie tyd volstrek
geweier het om 'n bevelvoerder
en 'n leier te wees van hierdie
volk, vanweë hulle boosheid en
gruwels.
12 Kyk, ek het hulle gelei, nie-
teenstaande hulle boosheid het ek
hulle baie keer gelei in die stryd,
en het hulle liefgehad, volgens die
[a]liefde van God wat in my was,
met my hele hart; en my siel is
uitgestort in gebed voor my God
die hele dag lank vir hulle; nog-
tans, dit was [b]sonder geloof, van-
weë die hardheid van hulle harte.
13 En driekeer het ek hulle ver-
los uit die hande van hulle vy-
ande, en hulle het nie bekeer van
hul sondes nie.
14 En nadat hulle gesweer het
by alles wat hulle [a]verbied was
deur ons Here en Saligmaker
Jesus Christus, dat hulle sou op-
gaan na hulle vyande om te veg,
en hulleself te wreek oor die
bloed van hulle broers, kyk, die
stem van die Here het na my ge-
kom, en gesê:
15 [a]Wraak is Myne, en Ek sal
[b]vergeld; en omdat hierdie volk
nie bekeer het nadat Ek hulle ver-
los het nie, kyk, hulle sal afgesny
word van die aangesig van die
aarde.
16 En dit het gebeur dat ek vol-
strek geweier het om op te trek
teen my vyande; en ek het gedoen
net soos die Here my gebied het;
en ek het as 'n omstander gestaan
om aan die wêreld die dinge te
openbaar wat ek gesien en gehoor
het, volgens die openbarings van
die Gees wat getuig het van die
dinge wat moes kom.
17 Daarom skryf ek [a]aan julle,
nie-Jode, en ook aan julle, huis
van Israel, wanneer die werk sal

**3** 9*a* 2 Ne. 4:34.
10*a* 3 Ne. 3:20–21; Morm. 4:4.
12*a* GS Liefde.
*b* Morm. 5:2.
14*a* 3 Ne. 12:34–37.
15*a* GS Wraak.
*b* L&V 82:23.
17*a* 2 Ne. 30:3–8; 3 Ne. 29:1.

begin, dat julle op die punt staan
om voor te berei om terug te keer
na die land van julle erfenis;
18 Ja, kyk, ek skryf aan al die
eindes van die aarde; ja, aan
julle, twaalf stamme van Israel,
wat [a]geoordeel sal word volgens
julle werke deur die twaalf wat
Jesus gekies het om sy dissipels te
wees in die land Jerusalem.
19 En ek skryf ook aan die oorblyfsel
van hierdie volk, wat
ook geoordeel sal word deur die
[a]twaalf wat Jesus gekies het in
hierdie land; en hulle sal geoordeel
word deur die ander twaalf
wat Jesus gekies het in die land
Jerusalem.
20 En hierdie dinge openbaar
die Gees aan my; daarom skryf
ek aan julle almal. En om hierdie
rede skryf ek aan julle, sodat
julle mag weet dat julle almal
moet staan voor die [a]regterstoel
van Christus, ja, elke siel wat behoort
aan die hele [b]mensegeslag
van Adam; en julle moet staan
om geoordeel te word oor julle
werke, of hulle goed of boos is;
21 En ook dat julle die evangelie
van Jesus Christus mag [a]glo, wat
julle sal hê onder julle; en ook dat
die [b]Jode, die verbondsvolk van
die Here, 'n ander [c]getuie mag hê
behalwe Hom vir wie hulle gesien
en gehoor het, dat Jesus, vir
wie hulle doodgemaak het, die
[d]ware Christus was en die ware
God.
22 En ek wens dat ek [a]al julle
eindes van die aarde kon oorreed
om te bekeer en voor te berei om
te staan voor die regterstoel van
Christus.

## HOOFSTUK 4

*Oorlog en slagting duur voort—Die bose straf die bose—Groter boosheid heers as ooit tevore in die hele Israel—Vroue en kinders word geoffer aan afgode—Die Lamaniete begin om die Nefiete weg te vee voor hulle. Ongeveer 363–375 n.C.*

En nou het dit gebeur dat in die
driehonderd drie en sestigste jaar,
het die Nefiete opgetrek met hulle
leërs om te veg teen die Lamaniete,
vanuit die land Verlatenheid.
2 En dit het gebeur dat die leërs
van die Nefiete weer teruggedryf
is na die land Verlatenheid.
En terwyl hulle nog moeg was,
het 'n vars leër van die Lamaniete
op hulle afgekom; en hulle het 'n
hewige stryd gevoer, in soverre
dat die Lamaniete besit geneem
het van die stad Verlatenheid
en baie van die Nefiete gedood
het, en baie gevangenes geneem
het.
3 En die oorblywendes het gevlug
en aangesluit by die inwoners
van die stad Teankum. Nou
het die stad Teankum gelê aan die
grens van die seekus; en dit was
ook naby die stad Verlatenheid.

18*a* Matt. 19:28; Lk. 22:29–30; L&V 29:12.
19*a* 1 Ne. 12:9–10.
20*a* GS Oordeel, Die Laaste.
*b* L&V 27:11.
21*a* L&V 3:20.
*b* GS Jode.
*c* 2 Ne. 25:18.
*d* 2 Ne. 26:12; Mosia 7:27.
22*a* Alma 29:1.

4 En dit was [a]omdat die leërs van die Nefiete opgetrek het teen die Lamaniete, dat hulle begin om verslaan te word; want as dit nie daarvoor was nie, kon die Lamaniete geen mag oor hulle gehad het nie.

5 Maar, kyk, die oordele van God sal die bose inhaal; en dit is deur die [a]bose dat die bose gestraf word; want dit is die bose wat die harte van die kinders van mense opstook tot bloedvergieting.

6 En dit het gebeur dat die Lamaniete voorbereidings gemaak het om teen die stad Teankum op te trek.

7 En dit het gebeur in die driehonderd vier en sestigste jaar het die Lamaniete opgetrek teen die stad Teankum, dat hulle ook besit mag neem van die stad Teankum.

8 En dit het gebeur dat hulle afgeweer en teruggedrywe is deur die Nefiete. En toe die Nefiete sien dat hulle die Lamaniete teruggedrywe het, het hulle weer geroem in hulle eie krag; en hulle het uitgegaan in hulle eie mag en die stad Verlatenheid weer in besit geneem.

9 En nou is al hierdie dinge gedoen, en daar is duisende gedood aan beide kante, beide die Nefiete en die Lamaniete.

10 En dit het gebeur dat die driehonderd ses en sestigste jaar verbygegaan het, en die Lamaniete het weer teen die Nefiete opgekom in die stryd; en tog het die Nefiete nie bekeer van die boosheid wat hulle gedoen het nie, maar voortdurend volgehou met hulle boosheid.

11 En dit is onmoontlik vir die tong om dit te beskrywe, of vir die mens om ′n volledige beskrywing te gee van die aaklige toneel van die bloed en slagting wat onder die volk was, beide onder die Nefiete en onder die Lamaniete; en elke hart is verhard, sodat hulle hul verheug het in die voortdurende bloedvergieting.

12 En daar was nooit so ′n groot [a]boosheid onder al die kinders van Lehi gewees nie, nóg selfs onder die hele huis van Israel, volgens die woorde van die Here, as wat daar onder hierdie volk was nie.

13 En dit het gebeur dat die Lamaniete besit geneem het van die stad Verlatenheid, en dit omdat hulle [a]getalle die getalle van die Nefiete oortref het.

14 En hulle het ook gemarsjeer na die stad Teankum, en het die inwoners uit haar gedryf, en het baie gevangenes geneem, beide vroue en kinders, en het hulle geoffer as offerandes aan hulle [a]afgode.

15 En dit het gebeur dat in die driehonderd sewe en sestigste jaar, omdat die Nefiete kwaad was omdat die Lamaniete hulle vroue en kinders geoffer het, dat hulle teen die Lamaniete opgetrek het met uitermate groot toorn, in soverre dat hulle weer

**4** 4*a* Morm. 3:10.
5*a* L&V 63:33.
12*a* Gén. 6:5; 3 Ne. 9:9.
13*a* Morm. 5:6.
14*a* GS Afgodery.

die Lamaniete verslaan het, en
hulle verdryf het uit hulle lande.
16 En die Lamaniete het nie
weer opgetrek teen die Nefiete tot
die driehonderd vyf en sewentig-
ste jaar nie.
17 En in hierdie jaar het hulle
teen die Nefiete met al hulle
magte afgekom; en hulle is nie ge-
tel nie vanweë die grootheid van
hulle aantal.
18 En [a]van hierdie tyd af het die
Nefiete geen mag verkry oor die
Lamaniete nie, maar het begin om
weggevee te word deur hulle, net
soos die dou voor die son.
19 En dit het gebeur dat die La-
maniete afgekom het teen die stad
Verlatenheid; en daar was ʼn ui-
termate groot stryd gevoer in die
land Verlatenheid, waarin hulle
die Nefiete verslaan het.
20 En hulle het weer gevlug
voor hulle, en hulle het by die
stad Boas gekom; en daar het
hulle teen die Lamaniete gestaan
met uitermate moed, in soverre
dat die Lamaniete hulle nie ver-
slaan het nie, totdat hulle weer
die tweede keer gekom het.
21 En toe hulle die tweede keer
gekom het, is die Nefiete verdryf
en geslag met ʼn uitermate groot
slagting; hulle vroue en hulle kin-
ders is weer geoffer aan afgode.
22 En dit het gebeur dat die Ne-
fiete weer voor hulle gevlug het,
en het al die inwoners met hulle
saamgeneem, beide in dorpe en
gehugte.
23 En nou ek, Mormon, omdat
ek gesien het dat die Lamaniete
op die punt gestaan het om die
land te oorrompel, daarom het ek
na die heuwel [a]Sim gegaan, en het
al die kronieke geneem wat Am-
maron weggebêre het tot die Here.

## HOOFSTUK 5

*Mormon lei weer die Nefitiese leërs in veldslae van bloed en slagting—Die Boek van Mormon sal te voorskyn kom om die hele Israel te oortuig dat Jesus die Christus is—Vanweë hulle ongeloof sal die Lamaniete verstrooi word, en die Gees sal ophou om met hulle te werk—Hulle sal die evangelie ontvang van die nie-Jode in die laaste dae. Ongeveer 375–384 n.C.*

En dit het gebeur dat ek uitge-
gaan het onder die Nefiete, en het
die [a]eed herroep wat ek geneem
het dat ek hulle nie meer sou by-
staan nie; en hulle het my weer
bevel gegee oor hulle leërs, want
hulle het my beskou asof ek hulle
kon red uit hulle verdrukkinge.
2 Maar kyk, ek was [a]sonder
hoop, want ek het geweet van
die oordele van die Here wat oor
hulle sou kom; want hulle het
nie bekeer van hulle ongeregtig-
hede nie, maar het geworstel om
hulle lewens, sonder om te roep
tot daardie Wese wat hulle ge-
skape het.
3 En dit het gebeur dat die La-
maniete teen ons opgekom het

18*a* Morm. 3:3.
23*a* Morm. 1:3.
**5** 1*a* Morm. 3:11.
2*a* Morm. 3:12.

toe ons gevlug het na die stad
Jordaan; maar kyk, hulle is terug-
gedryf dat hulle nie die stad op
daardie tydstip ingeneem het nie.
4 En dit het gebeur dat hulle
weer teen ons opgekom het, en
ons het die stad beheer. En daar
was ook ander stede wat beheer is
deur die Nefiete, welke vestings
hulle afgesny het dat hulle nie in
die land kon kom wat voor ons
lê nie, om die inwoners van ons
land te vernietig nie.
5 Maar dit het gebeur dat wat-
ter lande ons ook al verbygegaan
het, en die inwoners daarvan nie
ingebring is nie, is vernietig deur
die Lamaniete, en hulle dorpe, en
gehugte, en stede is verbrand met
vuur; en so het driehonderd nege
en sewentig jaar verbygegaan.
6 En dit het gebeur dat in die
driehonderd en tagtigste jaar
het die Lamaniete weer teen ons
opgekom om te veg, en ons het
moedig teen hulle gestaan; maar
dit was alles tevergeefs, want so
groot was hulle getalle dat hulle
die volk van die Nefiete onder
hulle voete vertrap het.
7 En dit het gebeur dat ons weer
op die vlug geslaan het, en die-
gene wie se vlug vinniger was as
die Lamaniete, het ontsnap, en
diegene wie se vlug nie die La-
maniete oortref het nie, is weg-
gevee en vernietig.
8 En nou kyk, ek, Mormon, be-
geer nie om die siele van mense
te verskeur deur aan hulle so 'n
vreeslike toneel van bloed en
slagting te beskryf as wat voor my
oë gelê is nie; maar ek, omdat ek
geweet het dat hierdie dinge se-
kerlik bekend moet word, en dat
alle dinge wat verborge is, [a]be-
kend gemaak moet word vanaf
die huise se dakke—
9 En ook dat 'n kennis van hier-
die dinge moet [a]kom na die oor-
blyfsel van hierdie volk, en ook
na die nie-Jode, wat die Here gesê
het hierdie volk sal [b]verstrooi, en
hierdie volk sal as niks geag word
onder hulle nie—daarom skryf ek
'n [c]klein verkorting, omdat ek nie
durf om 'n volle kroniek te gee
van die dinge wat ek gesien het
nie, vanweë die gebod wat ek ont-
vang het, en ook sodat julle nie
te veel droefheid mag hê vanweë
die boosheid van hierdie volk nie.
10 En nou kyk, dit spreek ek
met hulle saad, en ook met die
nie-Jode wat besorgd is oor die
huis van Israel, wat besef en weet
waarvandaan hulle seëninge
kom.
11 Want ek weet dat sodaniges
bedroef sal wees oor die onheil
van die huis van Israel; ja, hulle
sal bedroef wees oor die vernie-
tiging van hierdie volk; hulle sal
bedroef wees dat hierdie volk nie
bekeer het nie, dat hulle omsluit
mag word in die arms van Jesus.
12 Nou [a]hierdie dinge is ge-
skrywe [b]aan die oorblyfsel van

8*a* Lk. 12:2–3; 2 Ne. 27:11; L&V 1:3.
9*a* 4 Ne. 1:49.
*b* 3 Ne. 16:8.
*c* Morm. 1:1.
12*a* Enos 1:16; Hel. 15:11–13. GS Boek van Mormon.
*b* L&V 3:16–20.

die huis van Jakob; en hulle is geskrywe volgens hierdie wyse, want dit is deur God bekend dat boosheid hulle nie sal uitbring aan hulle nie; en hulle moet [c]weggebêre word tot die Here sodat hulle na vore mag kom in sy eie bepaalde tyd.
13 En dit is die gebod wat ek ontvang het; en kyk, hulle sal na vore kom volgens die gebod van die Here, wanneer Hy dit geskik ag, in sy wysheid.
14 En kyk, hulle sal uitgaan na die ongelowiges onder die [a]Jode; en vir hierdie doel sal hulle uitgaan—dat hulle [b]oorreed mag word dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God; sodat die Vader deur sy mees Geliefde, sy groot en ewige doel mag teweegbring, deur die Jode te herstel, of die hele huis van Israel, tot die land van hulle erfenis, wat die Here hulle God hulle gegee het, tot die vervulling van sy [c]verbond;
15 En ook dat die saad van [a]hierdie volk ten volle mag glo in sy evangelie, wat sal [b]uitgaan na hulle vanaf die nie-Jode; want hierdie volk sal [c]verstrooi word, en sal ʼn donker, ʼn vieslike, en ʼn verfoeilike volk [d]word, erger as dit wat ooit onder ons was, ja, selfs dit wat onder die Lamaniete was, en dit vanweë hulle ongeloof en afgodery.
16 Want kyk, die Gees van die Here het alreeds opgehou om te [a]werk met hulle vaders; en hulle is sonder Christus en God in die wêreld; en hulle word verdrywe soos [b]kaf voor die wind.
17 Hulle was eenmaal ʼn behaaglike volk, en hulle het Christus gehad as hulle [a]herder; ja, hulle is gelei en wel deur God die Vader.
18 Maar nou kyk, hulle word [a]rondgelei deur Satan, net soos kaf verdryf word voor die wind, of soos ʼn skip rondgegooi word op die golwe, sonder seil of anker, of sonder enigiets waarmee sy gestuur kan word; en net soos sy is, so is hulle.
19 En kyk, die Here het hulle seëninge teruggehou, wat hulle mag ontvang het in die land, vir die [a]nie-Jode wat die land sal besit.
20 Maar kyk, dit sal gebeur dat hulle verdryf en verstrooi sal word deur die nie-Jode, en nadat hulle verdryf en verstrooi is deur die nie-Jode, kyk, dan sal die Here die [a]verbond [b]onthou wat Hy gesluit het met Abraham en met die hele huis van Israel.
21 En ook sal die Here die [a]gebede onthou van die regverdiges, wat aan Hom opgestuur is vir hulle.

12 *c* Morm. 8:4, 13–14; Moro. 10:1–2.
14 *a* 2 Ne. 29:13; 30:7–8. GS Jode.
*b* 2 Ne. 25:16–17.
*c* 3 Ne. 29:1–3.
15 *a* 3 Ne. 21:3–7, 24–26.
*b* 1 Ne. 13:20–29, 38; Morm. 7:8–9.
*c* 1 Ne. 10:12–14; 3 Ne. 16:8.
*d* 2 Ne. 26:33.
16 *a* Gén. 6:3; Ether 2:15.
*b* Ps. 1:4.
17 *a* GS Goeie Herder.
18 *a* 2 Ne. 28:21.
19 *a* 3 Ne. 20:27–28.
20 *a* GS Abraham, Verbond van.
*b* 3 Ne. 16:8–12.
21 *a* Enos 1:12–18; Morm. 9:36–37.

22 En dan, o julle nie-Jode, hoe
kan julle staan voor die krag van
God, tensy julle sal bekeer en
wegkeer van julle bose weë?
23 Weet julle nie dat julle in die
hande van God is nie? Weet julle
nie dat Hy alle mag het, en dat op
sy groot [a]bevel die aarde [b]opge-
rol sal word soos ′n boekrol nie?
24 Daarom, bekeer julle, en ver-
ootmoedig julle voor Hom, sodat
Hy nie in geregtigheid sal uitkom
teen julle nie—sodat ′n oorblyfsel
van die saad van Jakob nie onder
julle sal uitgaan soos ′n [a]leeu, en
julle in stukke skeur, en daar nie-
mand is om te verlos nie.

## HOOFSTUK 6

*Die Nefiete kom bymekaar by die land Cumora vir die finale veldslae—Mormon bêre die heilige kronieke weg in die Cumora-heuwel—Die Lamaniete seëvier en die Nefitiese volk word vernietig—Honderde duisende word deur die swaard gedood. Ongeveer 385 n.C.*

En nou voltooi ek my kroniek
aangaande die [a]vernietiging van
my volk, die Nefiete. En dit het
gebeur dat ons voor die Lama-
niete uitgemarsjeer het.
2 En ek, Mormon, het ′n brief ge-
skryf aan die koning van die La-
maniete, en het van hom begeer
dat hy aan ons moes gun dat ons
ons volk bymekaar mag maak by
die [a]land Cumora, by ′n heuwel
wat Cumora genoem is, en daar
kon ons hulle die stryd aansê.
3 En dit het gebeur dat die ko-
ning van die Lamaniete my die
ding gegun het wat ek begeer het.
4 En dit het gebeur dat ons uitge-
marsjeer het na die land Cumora,
en ons het ons tente opgeslaan
rondom die Cumora-heuwel; en
dit was in ′n land van baie wa-
ters, riviere, en fonteine; en hier
het ons hoop gehad om die voor-
deel te behaal oor die Lamaniete.
5 En toe driehonderd vier en
tagtig jaar verbygegaan het, het
ons al die oorblywendes van ons
volk bymekaargemaak in die land
Cumora.
6 En dit het gebeur dat toe ons
al ons volk in een groep byme-
kaar gemaak het na die land Cu-
mora, kyk, ek, Mormon, het begin
om oud te word; en omdat ek ge-
weet het dat dit die laaste stryd
sou wees van my volk, en omdat
ek gebied is deur die Here dat ek
nie die kronieke wat oorhandig is
deur ons vaders, wat heilig was,
in die hande moes laat val van die
Lamaniete nie, (want die Lama-
niete sou hulle vernietig) daarom
het ek [a]hierdie kroniek gemaak
uit die plate van Nefi, en het in
die Cumora-heuwel al die [b]kro-
nieke weggebêre wat aan my toe-
vertrou is deur die hand van die
Here, behalwe [c]hierdie paar plate
wat ek gegee het aan my seun
[d]Moroni.

23 *a* Hel. 12:8–17.
*b* 3 Ne. 26:3.
24 *a* Miga 5:7; 3 Ne. 20:15–16.
**6** 1 *a* 1 Ne. 12:19; Jarom 1:10; Alma 45:9–14; Hel. 13:5–11.
2 *a* Ether 9:3.
6 *a* GS Plate.
*b* Ether 15:11.
*c* WvM 1:2.
*d* Morm. 8:1.

7 En dit het gebeur dat my volk, met hulle vroue en hulle kinders, nou die [a]leërs van die Lamaniete sien opmarsjeer het na hulle; en met daardie aaklige vrees vir die dood wat die boesems vul van alle bose, het hulle gewag om hulle aan te val.

8 En dit het gebeur dat hulle gekom het om te veg teen ons, en elke siel was gevul met vrees vanweë die grootheid van hul getalle.

9 En dit het gebeur dat hulle my volk aangeval het met die swaard, en met die boog, en met die pyl, en met die byl, en met allerlei soorte wapens van oorlog.

10 En dit het gebeur dat my manne neergevel is, ja, en wel my tienduisend wat by my was, en ek het gewond neergeval in die midde; en hulle het by my verbygegaan dat hulle nie ′n einde gemaak het aan my lewe nie.

11 En toe hulle deurgegaan het en [a]al my manne neergevel het behalwe vir vier en twintig van ons, (onder wie my seun Moroni was) en ons wat die gesneuweldes van ons volk oorlewe het, het die volgende dag gesien, toe die Lamaniete teruggekeer het na hulle kampe, vanaf die kruin van die Cumora-heuwel, die tienduisend van my volk wat neergevel is, wat van voor deur my gelei is.

12 En ons het ook die tienduisend gesien van my volk wat deur my seun Moroni gelei is.

13 En kyk, die tienduisend van Gidgiddona het geval en ook hy in die middel.

14 En Lama het geval met sy tienduisend; en Gilgal het geval met sy tienduisend; en Limha het geval met sy tienduisend; en Jeneum het geval met sy tienduisend; en Cumeniha, en Moroniha, en Antionum, en Sjiblom, en Sem, en Jos, het geval met hulle tienduisend elk.

15 En dit het gebeur dat daar nog tien was wat geval het deur die swaard, met hulle tienduisend elk; ja en wel my [a]hele volk, behalwe daardie vier en twintig wat by my was, en ook ′n paar wat ontsnap het na die suidelike lande, en ′n paar wat gedros het na die Lamaniete, het geval; en hulle vlees, en beendere, en bloed het gelê op die aangesig van die aarde, en dit is agtergelaat deur die hande van diegene wat hulle gedood het, om te vergaan op die land, en om te verkrummel en om terug te keer tot hulle moederaarde.

16 En my siel is verskeur deur smart, vanweë die gesneuweldes van my volk, en ek het uitgeroep:

17 O julle skones, hoe kon julle afgewyk het van die weë van die Here! O julle skones, hoe kon julle daardie Jesus verwerp het, wat met ope arms gestaan het om julle te ontvang!

18 Kyk, as julle dit nie gedoen het nie, sou julle nie geval het nie. Maar kyk, julle het geval, en ek betreur julle verlies.

7*a* 1 Ne. 12:15.
11*a* 1 Ne. 12:19–20; Hel. 15:17.
15*a* Alma 9:24.

19 O julle skone seuns en dog-
ters, julle vaders en moeders, julle
mans en vroue, julle skones, hoe
is dit dat julle kon geval het!
20 Maar kyk, julle is heen, en
my droefhede kan julle nie te-
rugbring nie.
21 En die dag kom gou wan-
neer julle sterflike met onsterf-
likheid beklee moet word, en
hierdie liggame wat nou vergaan
tot verderf, moet spoedig [a]onver-
ganklike liggame word; en dan
moet julle staan voor die regter-
stoel van Christus, om geoordeel
te word volgens julle werke; en
as dit so is dat julle regverdig is,
dan is julle geseën met julle va-
ders wat julle voorgegaan het.
22 O dat julle bekeer het voor
hierdie groot vernietiging oor julle
gekom het. Maar kyk, julle is weg,
en die Vader, ja, die Ewige Vader
van die hemel, ken julle toestand;
en Hy doen met julle volgens sy
[a]geregtigheid en [b]barmhartigheid.

## HOOFSTUK 7

*Mormon nooi die Lamaniete van die laaste dae om in Christus te glo, sy evangelie te aanvaar en gered te word—Almal wat die Bybel glo sal ook die Boek van Mormon glo. Ongeveer 385 n.C.*

En nou, kyk, ek wil ietwat spreek
tot die [a]oorblyfsel van hierdie
volk wat gespaar is, as dit so is
dat God my woorde aan hulle
mag gee, sodat hulle mag weet
van die dinge van hulle vaders;
ja, ek spreek met julle, julle oor-
blyfsel van die huis van Israel; en
dit is die woorde wat ek spreek:
2 Weet julle dat julle van die
[a]huis van Israel is.
3 Weet julle dat julle tot bekering
moet kom, of julle kan nie gered
word nie.
4 Weet julle dat julle jul wapens
van oorlog moet neerlê, en nie
meer behae skep in die vergie-
ting van bloed nie, en hulle nie
weer opneem nie, behalwe as God
julle sal gebied.
5 Weet julle dat julle moet kom
tot die [a]kennis van julle vaders,
en bekeer van al julle sondes
en ongeregtighede, en [b]glo in
Jesus Christus, dat Hy die Seun
van God is, en dat Hy gedood is
deur die Jode, en deur die krag
van die Vader het Hy weer opge-
staan, waardeur Hy die [c]oorwin-
ning behaal het oor die graf; en
ook in Hom is die angel van die
dood opgesluk.
6 En Hy bring die [a]opstanding
van die dode teweeg, waardeur
die mens opgerig moet word om
te staan voor sy [b]regterstoel.
7 En Hy het die [a]verlossing van
die wêreld teweeg gebring, waar-
deur hy wat [b]skuldeloos bevind

---

21 *a* 1 Kor. 15:53–54.
22 *a* GS Geregtigheid.
*b* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
**7** 1 *a* Hel. 15:11–13.
2 *a* Alma 10:3.
5 *a* 2 Ne. 3:12.
*b* GS Geloof, Glo.
*c* Jes. 25:8; Mosia 16:7–8.
6 *a* GS Opstanding.
*b* GS Jesus Christus—Regter; Oordeel, Die Laaste.
7 *a* GS Verlos, Verlossing.
*b* GS Regverdigmaking, Regverdig.

word voor Hom op die oordeels-
dag, dit aan hom gegee is om te
[c]woon in die teenwoordigheid
van God in sy koninkryk, om on-
ophoudelik lof te sing met die
[d]kore daar bo, aan die Vader, en
aan die Seun, en aan die Heilige
Gees, wat [e]een God is, in 'n toe-
stand van [f]geluk wat geen einde
het nie.
8 Daarom, bekeer, en word ge-
doop in die Naam van Jesus, en
gryp die [a]evangelie van Christus
aan, wat aan julle voorgehou sal
word, nie net in hierdie kroniek
nie, maar ook in die [b]kroniek wat
na die nie-Jode sal kom [c]van die
Jode, welke kroniek van die nie-
Jode sal kom [d]na julle.
9 Want kyk, dit [a]word geskrywe
met die doel dat julle dit mag
[b]glo; en as julle dit glo, sal julle
dié ook glo; en as julle dit glo,
sal julle weet aangaande julle
vaders en ook die wonderbaar-
like werke wat tot stand gebring
is deur die krag van God onder
hulle.
10 En julle sal ook weet dat julle
'n oorblyfsel is van die saad van
Jakob; daarom word julle gere-
ken onder die volk van die eerste
verbond; en as dit so is dat julle
in Christus glo, en gedoop word,
eers met water, dan met vuur en
met die Heilige Gees, in navolging
van die [a]voorbeeld van ons Sa-
ligmaker, volgens dit wat Hy ons
gebied het, dan sal dit goed gaan
met julle op die dag van oordeel.
Amen.

## HOOFSTUK 8

*Die Lamaniete jag en vernietig die Nefiete—Die Boek van Mormon sal te voorskyn kom deur die krag van God—Wee word uitgespreek oor diegene wat toorn en onenigheid uitblaas teen die werk van die Here—Die Nefitiese kroniek sal te voorskyn kom in 'n tyd van boosheid, ontaarding en afvalligheid. Ongeveer 400–421 n.C.*

Kyk, ek, [a]Moroni, voltooi die [b]kro-
niek van my vader, Mormon.
Kyk, ek het net 'n paar dinge om
te skrywe, welke dinge ek beveel
is deur my vader.
2 En nou het dit gebeur dat ná
die [a]groot en ontsettende slag
van Cumora, kyk, is die Ne-
fiete wat ontsnap het na die land
suidwaarts, gejag deur die [b]La-
maniete, totdat hulle almal ver-
nietig is.
3 En my vader is ook gedood
deur hulle, en net ek bly [a]alleen
oor om die droewige verhaal te
skryf van die vernietiging van
my volk. Maar kyk, hulle is weg,
en ek vervul die gebod van my

---

7c 1 Ne. 10:21; L&V 76:62; Moses 6:57.
d Mosia 2:28.
e L&V 20:28. GS God, Godheid.
f GS Vreugde.
8a GS Evangelie.
b GS Bybel.
c 2 Ne. 29:4–13.
d 1 Ne. 13:38.
9a GS Boek van Mormon.
b 1 Ne. 13:38–41.
10a 2 Ne. 31:5–9.

**8** 1a GS Moroni, Seun van Mormon.
b GS Plate.
2a Morm. 6:2–15.
b L&V 3:18.
3a Moro. 9:22.

vader. En of hulle my sal dood-
maak, weet ek nie.
4 Daarom sal ek skryf en die
kronieke wegbêre in die aarde;
en waarheen ek gaan, maak nie
saak nie.
5 Kyk, my vader het [a]hierdie
kroniek geskryf, en hy het die
doel daarvan neergeskryf. En
kyk, ek sou dit ook skryf as ek
plek gehad het op die [b]plate, maar
ek het nie; en erts het ek nie, want
ek is alleen. My vader is gedood
in die stryd, en al my verwante,
en ek het nóg vriende nóg iewers
om heen te gaan; en hoe lank die
Here sal toelaat dat ek mag lewe,
weet ek nie.
6 Kyk, [a]vierhonderd jaar het ver-
bygegaan sedert die koms van
ons Here en Saligmaker.
7 En kyk, die Lamaniete het my
volk, die Nefiete, gejag, van stad
tot stad, en van plek tot plek, tot-
dat hulle nie meer is nie; en groot
was hulle [a]val; ja, groot en won-
derbaarlik is die vernietiging van
my volk, die Nefiete.
8 En kyk, dit is die hand van die
Here wat dit gedoen het. En kyk
ook, die Lamaniete [a]voer oorlog
teen mekaar; en die hele aange-
sig van hierdie land is een ein-
delose kringloop van moord en
bloedvergieting; en nie een ken
die einde van die oorlog nie.
9 En nou kyk, ek sê niks meer
aangaande hulle nie, want daar
is niemand behalwe die Lama-
niete en [a]rowers wat bestaan op
die aangesig van die land nie.
10 En daar is niemand wat die
ware God ken nie behalwe die
[a]dissipels van Jesus, wat vertoef
het in die land totdat die boosheid
van die volk so groot was dat die
Here hulle nie wou toelaat om by
die mense te [b]bly nie; en of hulle
op die aangesig van die land is,
weet geen mens nie.
11 Maar kyk, my [a]vader en ek
het hulle gesien, en hulle het ons
gedien.
12 En wie ook al hierdie kroniek
ontvang, en dit nie sal veroordeel
vanweë die onvolmaakthede wat
daarin is nie, hy sal weet van [a]gro-
ter dinge as hierdie. Kyk, ek is
Moroni; en as dit moontlik was,
sou ek alle dinge bekendmaak
aan julle.
13 Kyk, ek maak 'n einde om te
spreek aangaande hierdie volk.
Ek is die seun van Mormon, en
my vader was 'n [a]afstammeling
van Nefi.
14 En ek is hy wat hierdie kro-
niek [a]wegbêre tot die Here; die
plate daarvan is van geen waarde
nie, vanweë die gebod van die
Here. Want Hy sê waarlik dat
geeneen hulle sal hê om [b]wins
te verkry nie; maar die kroniek
daarop is van groot waarde; en

5 *a* Morm. 2:17–18.
*b* Morm. 6:6.
6 *a* Alma 45:10.
7 *a* 1 Ne. 12:2–3.
8 *a* 1 Ne. 12:20–23.
9 *a* Morm. 2:8.
10 *a* 3 Ne. 28:7; Ether 12:17. GS Drie Nefitiese Dissipels.
*b* Morm. 1:16.
11 *a* 3 Ne. 28:24–26.
12 *a* 3 Ne. 26:6–11.
13 *a* 3 Ne. 5:20.
14 *a* Moro. 10:1–2.
*b* JS—G 1:46.

wie ook al dit aan die lig sal bring, vir hom sal die Here seën.

15 Want niemand kan mag hê om dit aan die lig te bring, tensy dit aan hom gegee word deur God nie; want God wil hê dat dit gedoen word met ’n [a]oog enkel gerig op sy heerlikheid, of tot die welsyn van die antieke en lankal verstrooide verbondsvolk van die Here.

16 En geseënd is [a]hy wat hierdie ding aan die lig sal bring; want dit sal uit die duisternis [b]gebring word tot die lig, volgens die woord van God; ja, dit sal gebring word uit die aarde, en dit sal skyn uit die duisternis, en kom tot die kennis van die volk; en dit sal gedoen word deur die krag van God.

17 En as daar [a]foute is, is hulle die foute van ’n mens. Maar kyk, ons weet van geen fout nie; nogtans, God weet alle dinge; daarom, hy wat [b]veroordeel, laat hom op sy hoede wees uit vrees dat hy in gevaar sal verkeer van die helse vuur.

18 En hy wat sê: Toon aan my, of jy sal geslaan word—laat hom op sy hoede wees dat hy nie dít beveel wat verbied is deur die Here nie.

19 Want kyk, hy wat haastig [a]oordeel, sal weer haastig geoordeel word; want volgens sy werke sal sy loon wees; daarom, hy wat slaan, sal weer deur die Here geslaan word.

20 Kyk wat die skrif sê—die mens sal nie slaan nie, nóg sal hy oordeel; want die oordeel is myne, sê die Here, en die wraak is ook myne, en Ek sal vergeld.

21 En hy wat toorn en onenigheid uitblaas teen die werk van die Here, en teen die verbondsvolk van die Here, wat die huis van Israel is, en sal sê: Ons sal die werk van die Here vernietig, en die Here sal nie sy verbond onthou wat Hy gesluit het met die huis van Israel nie, hy staan gevaar om afgekap en in die vuur gewerp te word;

22 Want die ewige [a]doeleindes van die Here sal voortrol, totdat al sy beloftes vervul sal word.

23 Ondersoek die profesieë van [a]Jesaja. Kyk, ek kan hulle nie skryf nie. Ja, kyk, ek sê vir julle, dat daardie heiliges wat my voorgegaan het, wat hierdie land besit het, sal [b]roep, ja, en wel uit die stof sal hulle roep tot die Here; en sowaar as die Here leef, Hy sal die verbond onthou wat Hy met hulle gesluit het.

24 En Hy ken hulle [a]gebede, dat hulle ten behoewe van hulle broers was; en Hy ken hulle geloof, want in sy Naam kon hulle [b]berge versit; en in sy Naam kon

15*a* L&V 4:5.
16*a* 2 Ne. 3:6–7, 11, 13–14.
*b* Jes. 29:18; 2 Ne. 27:29.
17*a* Morm. 9:31, 33; Ether 12:23–28.
*b* 3 Ne. 29:5; Ether 4:8.
19*a* JSV Matt. 7:1–2 (Bylae); 3 Ne. 14:1–2; Moro. 7:14.
22*a* L&V 3:3.
23*a* 3 Ne. 20:11; 23:1.
*b* Jes. 29:4; 2 Ne. 3:19–20; 26:16.
24*a* Enos 1:12–18; Morm. 9:36; L&V 10:46.
*b* Jakob 4:6; Hel. 10:9.

hulle die aarde laat skud; en
deur die krag van sy woord het
hulle [c]gevangenisse laat intuimel
op die aarde; ja, selfs die vurige
oond kon hulle nie leed aandoen
nie, nóg wilde diere, nóg giftige
slange, vanweë die krag van sy
woord.
25 En kyk, hulle [a]gebede was
ook ten behoewe van hom wat die
Here sal toelaat om hierdie dinge
te voorskyn te bring.
26 En niemand hoef te sê dat
hulle nie sal kom nie, want hulle
sal sekerlik, want die Here het
dit gespreek; want [a]uit die aarde
sal hulle kom, deur die hand van
die Here, en niemand kan dit keer
nie; en dit sal kom op ′n dag wan-
neer dit gesê sal word dat [b]won-
derwerke weggedoen is; en dit sal
kom net asof een sou spreek [c]uit
die dood.
27 En dit sal kom op ′n dag wan-
neer die [a]bloed van heiliges sal
roep tot die Here, vanweë [b]ge-
heime organisasies en die werke
van die duisternis.
28 Ja, dit sal kom op ′n dag wan-
neer die krag van God geloën sal
word, en [a]kerke verontreinig sal
word, en verhef sal wees in die
hoogmoed van hulle harte; ja, en
wel op ′n dag wanneer leiers van
kerke en leraars verhef sal wees
in die hoogmoed van hulle harte,
tot afguns van hulle wat behoort
aan hulle kerke.
29 Ja, dit sal kom op ′n dag wan-
neer [a]daar gehoor sal word van
brande, en storms, en [b]rookmis
ook in vreemde lande;
30 En daar sal ook gehoor word
van [a]oorloë, gerugte van oorloë,
en aardbewings op verskillende
plekke.
31 Ja, dit sal kom op ′n dag wan-
neer daar groot besoedelings sal
wees op die aangesig van die
aarde; daar sal moorde wees, en
roof, en leuens, en bedrieërye, en
hoererye, en allerlei soorte gru-
wels; wanneer daar baie sal wees
wat sal sê: Doen dit of doen dat,
en dit [a]maak nie saak nie, want
die Here sal diesulkes [b]onder-
steun op die laaste dag. Maar wee
diesulkes, want hulle is in die [c]gal
van bitterheid en in die bande van
ongeregtigheid.
32 Ja, dit sal kom op ′n dag wan-
neer daar kerke gebou sal word
wat sê: Kom na my, en vir julle
geld sal julle vergewe word van
julle sondes.
33 O julle bose en wederstrewige
en hardnekkige volk, hoekom het
julle vir julleself kerke opgebou
om [a]gewin te verkry? Hoekom
het julle die heilige woord van

24 *c* Alma 14:27–29.
25 *a* Morm. 5:21.
26 *a* Jes. 29:4; 2 Ne. 33:13.
*b* Morm. 9:15–26; Moro. 7:27–29, 33–37.
*c* 2 Ne. 26:15–16; Morm. 9:30; Moro. 10:27.
27 *a* Ether 8:22–24; L&V 87:6–7.
*b* GS Geheime Organisasies.
28 *a* 2 Tim. 3:1–7; 1 Ne. 14:9–10; 2 Ne. 28:3–32; L&V 33:4.
29 *a* Joël 2:28–32; 2 Ne. 27:2–3.
*b* 1 Ne. 19:11; L&V 45:39–42.
30 *a* Matt. 24:6; 1 Ne. 14:15–17.
31 *a* 2 Ne. 28:21–22.
*b* 2 Ne. 28:8.
*c* Alma 41:11.
33 *a* GS Priesterlis.

God [b]verander, dat julle [c]verdoe-
menis oor julle siele mag bring?
Kyk, vertrou op die openbarings
van God; want kyk, die tyd kom
op daardie dag wanneer al hier-
die dinge vervul moet word.
34 Kyk, die Here het aan my
groot en wonderbaarlike dinge
getoon aangaande dit wat binne-
kort moet kom, op daardie dag
wanneer hierdie dinge te voor-
skyn sal kom onder julle.
35 Kyk, ek spreek met julle asof
julle teenwoordig is, en tog is julle
nie. Maar kyk, Jesus Christus het
julle aan my getoon, en ek ken
julle dade.
36 En ek weet dat julle [a]wandel
in die hoogmoed van julle harte;
en daar is niemand behalwe ′n
paar wat hulle nie [b]ophef in die
hoogmoed van hulle harte nie, om
[c]baie pronkerige kleding te dra,
wat lei tot afguns, en onenighede,
en haatdraendheid, en vervol-
ginge, en allerlei ongeregtighede;
en julle kerke, ja, en wel elke een,
het besoedel geword vanweë die
hoogmoed van julle harte.
37 Want kyk, julle het [a]geld lief,
en julle besittings, en julle pron-
kerige kleding, en die versiering
van julle kerke, meer as wat julle
die armes en behoeftiges, die sie-
kes en die verdruktes liefhet.
38 O julle besoedeldes, julle
skynheiliges, julle leraars, wat
julleself verkoop vir dit wat sal
verweer, hoekom het julle die hei-
lige kerk van God besoedel? Hoe-
kom is julle [a]skaam om op julle
die Naam van Christus te neem?
Hoekom dink julle nie dat die
waarde groter is van ′n einde-
lose geluk as die [b]smart wat nooit
sterwe nie—vanweë die [c]lof van
die wêreld?
39 Hoekom versier julle julself
met dit wat geen lewe het nie, en
laat tog toe dat die hongeriges,
en die behoeftiges, en die naak-
tes, en die siekes en die verdruk-
tes by julle verbygaan, en gewaar
hulle nie?
40 Ja, waarom bou julle jul [a]ge-
heime gruwels om gewin te ver-
kry, en om weduwees te laat treur
voor die Here, en ook om wese te
laat treur voor die Here, en ook
om die bloed van hulle vaders
en hulle mans te laat roep tot die
Here vanaf die grond, om wraak
oor julle hoofde?
41 Kyk, die swaard van vergel-
ding hang oor julle; en die tyd
kom spoedig dat Hy die bloed
van die heiliges op julle [a]wreek,
want Hy sal hulle geroep nie lan-
ger verduur nie.

## HOOFSTUK 9

*Moroni doen ′n beroep op diegene wat nie in Christus glo nie om te*

33*b* 1 Ne. 13:26–29.
*c* GS Verdoemenis.
36*a* GS Wandel, Wandel met God.
*b* Jakob 2:13.
*c* Alma 5:53.
37*a* 2 Ne. 28:9–16.
38*a* Rom. 1:16; 2 Tim. 1:8; 1 Ne. 8:25–28; Alma 46:21.
*b* Mosia 3:25.
*c* 1 Ne. 13:9.
40*a* GS Geheime Organisasies.
41*a* 1 Ne. 22:14.

*bekeer—Hy verkondig ʼn God van wonderwerke, wat openbaringe gee en gawes en tekens uitstort op die gelowiges—Wonderwerke hou op as gevolg van ongeloof—Tekens volg diegene wat glo—Die mens word vermaan om wys te wees en die gebooie te onderhou. Ongeveer 401–421 n.C.*

En nou, ek spreek ook aangaande diegene wat nie in Christus glo nie.

2 Kyk, sal julle glo in die dag van julle besoeking—kyk, wanneer die Here sal kom, ja, en wel daardie [a]groot dag wanneer die [b]aarde opgerol sal word soos ʼn boekrol, en die elemente sal [c]smelt met vurige hitte, ja, in daardie groot dag wanneer julle gebring sal word om te staan voor die Lam van God—sal julle dan sê dat daar geen God is nie?

3 Sal julle dan langer die Christus loën, of kan julle die Lam van God aanskou? Veronderstel julle dat julle by Hom sal woon onder ʼn bewustheid van julle skuld? Veronderstel julle dat julle gelukkig kan wees om te woon by daardie heilige Wese, wanneer julle siele gemartel word deur ʼn bewustheid van skuld, dat julle altyd sy wette oortree het?

4 Kyk, ek sê vir julle dat julle ellendiger sal wees om te woon by ʼn heilige en regverdige God, onder ʼn bewustheid van julle vieslikheid voor Hom, as wat julle sou woon by die [a]verdoemde siele in die [b]hel.

5 Want kyk, wanneer julle gebring sal word om julle [a]naaktheid te sien voor God, en ook die heerlikheid van God, en die heiligheid van Jesus Christus, sal dit ʼn vlam aansteek van onblusbare vuur in julle.

6 O dan julle [a]ongelowiges, [b]wend julle tot die Here; roep kragtig tot die Vader in die Naam van Jesus, dat julle miskien vlekkeloos, [c]rein, en skoon, en wit bevind mag word, omdat julle gereinig is deur die bloed van die [d]Lam, op daardie groot en laaste dag.

7 En verder spreek ek met julle wat die openbarings van God [a]loën, en sê dat hulle weggedoen is, dat daar geen openbarings is, nóg profesieë, nóg gawes, nóg genesing, nóg spreek in tonge, en die [b]uitleg van tonge;

8 Kyk, ek sê vir julle, hy wat hierdie dinge loën, ken nie die [a]evangelie van Christus nie; ja, hy het nie die skrifture gelees nie; indien wel, [b]verstaan hy hulle nie.

9 Want lees ons nie dat God [a]dieselfde is gister, vandag, en vir

**9** 2*a* Mal. 4:5; 3 Ne. 28:31.
*b* Morm. 5:23; L&V 63:20–21. GS Wêreld—Einde van die wêreld.
*c* Amos 9:13; 3 Ne. 26:3.
4*a* GS Verdoemenis.
*b* GS Hel.
5*a* 2 Ne. 9:14.
6*a* GS Ongeloof.
*b* Eség. 18:23, 32; L&V 98:47.
*c* GS Suiwer, Suiwerheid.
*d* GS Lam van God.
7*a* 3 Ne. 29:6–7.
*b* 1 Kor. 12:7–10; Gel. Art. 1:7.
8*a* GS Evangelie.
*b* Matt. 22:29.
9*a* Hebr. 13:8; 1 Ne. 10:18–19; Alma 7:20; Moro. 8:18; L&V 20:12.

ewig nie, en in Hom is daar geen veranderlikheid of skaduwee van ommekeer nie?
10 En nou, as julle vir julle ′n god voorgestel het wat verander, en in wie daar ′n skaduwee van ommekeer is, dan het julle vir julle ′n god voorgestel wat nie ′n God van wonderwerke is nie.
11 Maar kyk, ek sal aan julle ′n God toon van wonderwerke, en wel die God van Abraham, en die God van Isak, en die God van Jakob; en dit is daardie selfde [a]God wat die hemele en die aarde geskape het, en alle dinge wat in hulle is.
12 Kyk, Hy het vir Adam geskape, en deur [a]Adam het die [b]val van die mens gekom. En vanweë die val van die mens het Jesus Christus gekom, en wel die Vader en die Seun; en vanweë Jesus Christus het die [c]verlossing van die mens gekom.
13 En vanweë die verlossing van die mens, wat gekom het deur Jesus Christus, word hulle teruggebring na die teenwoordigheid van die Here; ja, dit is waardeur alle mense verlos word, omdat die dood van Christus die [a]opstanding teweegbring, wat ′n verlossing teweegbring uit ′n eindelose [b]slaap, uit welke slaap alle mense opgewek sal word deur die krag van God wanneer die trompet sal blaas; en hulle sal te voorskyn kom, beide klein en groot, en almal sal staan voor sy regbank, verlos en bevry van hierdie ewige [c]band van die dood, welke dood ′n tydelike dood is.
14 En dan kom die [a]oordeel van die Heilige Een oor hulle; en dan kom die tyd dat hy wat [b]vieslik is, steeds vieslik sal wees; en hy wat regverdig is, sal steeds regverdig wees; hy wat gelukkig is, sal steeds gelukkig wees, en hy wat ongelukkig is, sal steeds ongelukkig wees.
15 En nou, o julle almal wat vir julle ′n god voorgestel het wat [a]geen wonderwerke kan verrig nie, ek wil vir julle vra, het al hierdie dinge verbygegaan, waarvan ek gespreek het? Het die einde al gekom? Kyk, ek sê vir julle, Nee; en God het nie opgehou om ′n God van wonderwerke te wees nie.
16 Kyk, is die dinge wat God verrig het, nie wonderbaarlik in ons oë nie? Ja, en wie kan die wonderbaarlike [a]werke van God begryp?
17 Wie sal sê dat dit nie ′n wonderwerk was dat deur sy [a]woord die hemel en die aarde sou wees nie, en dat deur die krag van sy woord is die mens [b]geskape uit die [c]stof van die aarde; en deur

11 *a* Gén. 1:1; Mosia 4:2; L&V 76:20–24. GS Jesus Christus.
12 *a* Mosia 3:26.
*b* GS Val van Adam en Eva.
*c* GS Verlos, Verlossing.
13 *a* Hel. 14:15–18.
*b* L&V 43:18.
*c* L&V 138:16.
14 *a* GS Oordeel, Die Laaste.
*b* Alma 7:21; L&V 88:35.
15 *a* Moro. 7:35–37; L&V 35:8. GS Wonderwerk.
16 *a* Ps. 40:6; L&V 76:114; Moses 1:3–5.
17 *a* Jakob 4:9.
*b* GS Skep, Skepping.
*c* Gén. 2:7; Mosia 2:25.

die krag van sy woord is wonder-
werke verrig?
18 En wie sal sê dat Jesus Chris-
tus nie baie magtige [a]wonder-
werke gedoen het nie? En daar is
baie magtige wonderwerke verrig
deur die hande van die apostels.
19 En as daar toe [a]wonderwerke
verrig is, hoekom het God opge-
hou om ′n God van wonderwerke
te wees, en tog ′n onveranderlike
Wese te bly? En kyk, ek sê vir julle,
Hy verander nie; indien wel, sal
Hy ophou om God te wees; en Hy
hou nie op om God te wees nie,
en is ′n God van wonderwerke.
20 En die rede waarom Hy op-
hou om [a]wonderwerke te doen
onder die kinders van mense, is
omdat hulle kwyn in ongeloof, en
afwyk van die regte weg, en nie
die God ken op wie hulle behoort
te [b]vertrou nie.
21 Kyk, ek sê vir julle dat wie
ook al in Christus glo, en glad
nie twyfel nie, [a]wat hy ook al die
Vader sal vra in die Naam van
Christus, dit sal aan hom gegee
word; en hierdie belofte is aan al-
mal, en wel tot aan die eindes van
die aarde.
22 Want kyk, so sê Jesus Chris-
tus, die Seun van God, aan sy dis-
sipels wat sou vertoef, ja, en ook
aan al sy dissipels, ten aanhore
van die skare: [a]Gaan julle die hele
wêreld in, en preek die evangelie
aan elke skepsel;
23 En hy wat glo en gedoop
word, sal gered word, maar hy wat
nie glo nie, sal [a]verdoem word;
24 En hierdie [a]tekens sal hulle
volg wat glo—in my Naam sal
hulle [b]duiwels uitwerp; hulle sal
in nuwe tonge spreek; hulle sal
slange opneem; en as hulle enige
dodelike ding drink, sal dit hulle
nie kwaad doen nie; hulle sal die
[c]hande lê op die siekes en hulle
sal herstel;
25 En wie ook al in my Naam
sal glo, en glad nie twyfel nie, aan
hom sal Ek al my woorde [a]beves-
tig, en wel tot aan die eindes van
die aarde.
26 En nou, kyk, wie kan die
werke van die Here weerstaan?
[a]Wie kan sy woorde loën? Wie sal
opstaan teen die almagtige mag
van die Here? Wie sal die werke
van die Here verag? Wie sal die
kinders van Christus verag? Kyk,
julle almal wat [b]veragters is van
die werke van die Here, want
julle sal wonder en vergaan.
27 O dan, verag nie, en wonder
nie, maar slaan ag op die woorde
van die Here, en vra die Vader in
die Naam van Jesus vir welke
dinge julle ook al nodig sal hê.
Twyfel nie, maar wees gelowig,
en begin soos in die dae van die

---

18*a* Joh. 6:14.
19*a* L&V 63:7–10.
20*a* Rigt. 6:11–13; Ether 12:12–18; Moro. 7:35–37.
*b* GS Vertrou.
21*a* Matt. 21:22; 3 Ne. 18:20.
22*a* Mark. 16:15–16. GS Sendingwerk.
23*a* GS Verdoemenis.
24*a* Mark. 16:17–18. GS Teken.
*b* Hand. 16:16–18.
*c* GS Salwing van die Siekes.
25*a* GS Getuienis; Openbaring.
26*a* 3 Ne. 29:4–7.
*b* Spr. 13:13.

voortyd, en [a]kom na die Here met julle hele [b]hart, en [c]werk julle eie heil uit met vrees en bewing voor Hom.

28 Wees [a]wys in die dae van julle toetsing; stroop julleself van alle onreinheid; vra nie, sodat julle dit nie mag deurbring in julle [b]welluste nie, maar vra met standvastige onwankelbaarheid, dat julle nie sal swig voor enige versoeking nie, maar dat julle die waaragtige en [c]lewende God sal dien.

29 Sorg dat julle nie [a]onwaardig gedoop word nie; sorg dat julle nie [b]onwaardig die nagmaal van Christus gebruik nie; maar sorg dat julle alle dinge doen in [c]waardigheid, en doen dit in die Naam van Jesus Christus, die Seun van die lewende God; en as julle dit doen, en volhard tot die einde toe, sal julle geensins uitgewerp word nie.

30 Kyk, ek spreek met julle asof ek uit die dode [a]gespreek het, want ek weet dat julle my woorde sal hê.

31 Veroordeel my nie vanweë my [a]onvolmaaktheid nie, nóg my vader, vanweë sy onvolmaaktheid, nóg hulle wat geskrywe het voor hom; maar gee eerder dank aan God dat Hy aan ons ons onvolmaakthede geopenbaar het, sodat julle mag leer om wyser te wees as wat ons was.

32 En nou kyk, ons het hierdie kroniek geskryf volgens ons kennis, in die karakters wat onder ons bekend staan as [a]hervormde Egipties, wat oorgelewer is en gewysig is deur ons volgens ons spreekwyse.

33 En as ons plate groot genoeg was, sou ons in Hebreeus geskryf het; maar die Hebreeus is ook gewysig deur ons; en as ons in Hebreeus kon geskryf het, kyk, sou julle geen onvolmaakthede gehad het in ons kroniek nie.

34 Maar die Here ken die dinge wat ons geskryf het, en ook dat geen ander volk ons taal ken nie; daarom, en omdat geen ander volk ons taal ken nie, daarom het Hy [a]middele berei vir die vertolking daarvan.

35 En hierdie dinge word geskryf sodat ons ons kleding mag reinig van die bloed van ons broers, wat gekwyn het in [a]ongeloof.

36 En kyk, hierdie dinge wat ons [a]begeer het aangaande ons broers, ja, naamlik hulle herstel tot die kennis van Christus, is volgens die gebede van al die heiliges wat in die land gewoon het.

37 En mag die Here Jesus

27 *a* Moro. 10:30–32.
*b* Jos. 22:5; L&V 64:22, 34. GS Hart.
*c* Filip. 2:12.
28 *a* Jakob 6:12.
*b* GS Wellus, Wellustigheid.
*c* Alma 5:13.
29 *a* GS Doop—Vereistes vir die doop.
*b* 1 Kor. 11:27–30; 3 Ne. 18:28–32.
*c* GS Waardig, Waardigheid.
30 *a* Morm. 8:26; Moro. 10:27.
31 *a* Morm. 8:17; Ether 12:22–28, 35.
32 *a* 1 Ne. 1:2; Mosia 1:4.
34 *a* Mosia 8:13–18; Ether 3:23, 28; L&V 17:1.
35 *a* 2 Ne. 26:15.
36 *a* Morm. 8:24–26; L&V 10:46–49.

Christus gun dat hulle gebede verhoor mag word volgens hulle geloof; en mag God die Vader die verbond onthou wat Hy gesluit het met die huis van Israel; en mag Hy hulle seën vir ewig, deur geloof in die Naam van Jesus Christus. Amen.

# DIE BOEK VAN ETHER

*Die kroniek van die Jerediete, geneem van die vier en twintig plate wat gevind is deur die volk van Limhi in die dae van Koning Mosia.*

## HOOFSTUK 1

*Moroni verkort die geskrifte van Ether—Ether se geslagsregister word uiteengesit—Die taal van die Jerediete word nie verwar by die Toring van Babel nie—Die Here belowe om hulle te lei na 'n uitverkore land en hulle 'n groot nasie te maak.*

EN nou, ek, [a]Moroni, gaan voort om 'n kroniek te gee van daardie antieke inwoners wat vernietig is deur die [b]hand van die Here op die aangesig van hierdie noordelike land.

2 En ek neem my verslag van die [a]vier en twintig plate wat gevind is deur die volk van Limhi, wat genoem word die Boek van Ether.

3 En omdat ek veronderstel dat die eerste deel van hierdie kroniek, wat spreek aangaande die skepping van die wêreld, en ook van Adam, en 'n verslag vanaf daardie tyd tot by die groot [a]toring, en watter dinge gebeur het onder die kinders van mense tot daardie tyd, besit word deur die Jode—

4 Daarom skryf ek nie daardie dinge wat gebeur het vanaf die [a]dae van Adam tot daardie tyd nie; maar hulle is op die plate; en wie hulle ook al vind, hy sal mag hê, dat hy die volledige verslag mag verkry.

5 Maar kyk, ek gee nie die volledige verslag nie, maar 'n deel van die verslag gee ek, vanaf die toring totdat hulle vernietig is.

6 En op hierdie wyse gee ek die verslag. Hy wat hierdie kroniek geskryf het, was [a]Ether, en hy was 'n afstammeling van Coriantor.

7 Coriantor was die seun van Moron.

8 En Moron was die seun van Etem.

9 En Etem was die seun van Aha.

10 En Aha was die seun van Set.

**1** 1*a* GS Moroni, Seun van Mormon.
*b* Morm. 5:23; L&V 87:6–7.
2*a* Alma 37:21; Ether 15:33.
3*a* Omni 1:22; Mosia 28:17; Hel. 6:28.
4*a* DI wat dieselfde tydperk dek as Genesis 1–10.
6*a* Ether 12:2; 15:34.

11 En Set was die seun van Sjiblon.

12 En Sjiblon was die seun van Com.

13 En Com was die seun van Coriantum.

14 En Coriantum was die seun van Amnigadda.

15 En Amnigadda was die seun van Aäron.

16 En Aäron was ’n afstammeling van Het, wat die seun was van Heartom.

17 En Heartom was die seun van Lib.

18 En Lib was die seun van Kis.

19 En Kis was die seun van Corom.

20 En Corom was die seun van Levi.

21 En Levi was die seun van Kim.

22 En Kim was die seun van Morianton.

23 En Morianton was ’n afstammeling van Riplakis.

24 En Riplakis was die seun van Sez.

25 En Sez was die seun van Het.

26 En Het was die seun van Com.

27 En Com was die seun van Coriantum.

28 En Coriantum was die seun van Emer.

29 En Emer was die seun van Omer.

30 En Omer was die seun van Sule.

31 En Sule was die seun van Kib.

32 En Kib was die seun van Oriha, wat die seun was van Jered;

33 Welke [a]Jered uitgekom het met sy broer en hulle gesinne, met sommige ander en hulle gesinne, van die groot toring, in die tyd toe die Here die taal van die volk [b]verwar het, en gesweer het in sy toorn dat hulle verstrooi sou word oor die hele [c]aangesig van die aarde; en ooreenkomstig die woord van die Here is die volk verstrooi.

34 En die [a]broer van Jered, omdat hy ’n groot en sterk man was, en ’n man wat hoog begunstig was deur die Here, Jered, sy broer, het aan hom gesê: Roep tot die Here, dat Hy ons nie sal verwar sodat ons nie ons woorde sal verstaan nie.

35 En dit het gebeur dat die broer van Jered geroep het tot die Here, en die Here het Hom ontferm oor Jered; daarom het Hy nie die taal verwar van Jered nie; en Jered en sy broer is nie verwar nie.

36 Toe het Jered aan sy broer gesê: Roep weer tot die Here, en dit mag wees dat Hy sy toorn sal afwend van hulle wat ons vriende is, sodat Hy hulle taal nie verwar nie.

37 En dit het gebeur dat die broer van Jered geroep het tot die Here, en die Here het Hom ontferm oor hulle vriende en hul gesinne ook, sodat hulle nie verwar is nie.

33*a* GS Jered.
*b* Gén. 11:6–9.
*c* Mosia 28:17.
34*a* GS Jered, Broer van.

38 En dit het gebeur dat Jered weer met sy broer gespreek het, en gesê het: Gaan en vra vir die Here of Hy ons sal verdryf uit die land, en as Hy ons sal verdryf uit die land, roep tot Hom waarheen ons sal gaan. En wie weet, of die Here ons sal uitlei na ʹn land wat [a]uitverkore is bo die hele aarde? En as dit so is, laat ons getrou wees aan die Here, sodat ons dit mag ontvang as ons erfenis.

39 En dit het gebeur dat die broer van Jered tot die Here geroep het volgens dit wat gespreek is by monde van Jered.

40 En dit het gebeur dat die Here die broer van Jered gehoor het, en Hom ontferm het oor hom, en aan hom gesê het:

41 Gaan heen, en maak jou kuddes bymekaar, beide mannetjie en wyfie, van elke soort; en ook van die saad van die aarde van elke soort, en jou [a]gesinne; en ook Jered jou broer, en sy gesin; en ook jou [b]vriende en hulle gesinne, en die vriende van Jered en hulle gesinne.

42 En wanneer jy dit gedoen het, sal jy aan die hoof van hulle [a]gaan, af na die vallei wat noordwaarts is. En daar sal Ek jou ontmoet, en Ek sal [b]voor jou uitgaan na ʹn land wat [c]uitverkore is bo al die lande van die aarde.

43 En daar sal Ek jou en jou saad seën, en vir My voortbring van jou saad, en van die saad van jou broer, en hulle wat saam met jou sal gaan, ʹn groot nasie. En daar sal geen een groter wees as die nasie wat Ek sal voortbring vir My uit jou saad, op die hele aangesig van die aarde nie. En aldus sal Ek aan jou doen omdat jy dié lang tyd tot My geroep het.

## HOOFSTUK 2

*Die Jerediete berei voor vir hulle reis na ʹn beloofde land—Dit is ʹn uitverkore land waarop die mens Christus moet dien of weggevee word—Die Here spreek met die broer van Jered vir drie ure—Die Jerediete bou bote—Die Here vra vir die broer van Jered om voor te stel hoe die bote verlig sal word.*

En dit het gebeur dat Jered en sy broer, en hulle gesinne, en ook die vriende van Jered en sy broer en hulle gesinne, afgegaan het in die vallei wat noordwaarts was, (en die naam van die vallei was [a]Nimrod, omdat dit genoem is na die magtige jagter) met hul kuddes wat hulle bymekaargemaak het, mannetjie en wyfie, van elke soort.

2 En hulle het ook valstrikke gestel en voëls van die lug gevang; en hulle het ook ʹn houer berei, waarin hulle saam met hulle die visse van die waters gedra het.

3 En hulle het ook saamgedra met hulle, deseret, wat, as dit vertaal word, ʹn heuningby is; en

38*a* GS Beloofde Land.
41*a* Ether 6:20.
*b* Ether 6:16.
42*a* 1 Ne. 2:1–2; Abr. 2:3.
*b* L&V 84:88.
*c* 1 Ne. 13:30.
**2** 1*a* Gén. 10:8.

so het hulle met hulle saamgedra swerms bye, en allerlei soorte van dít wat op die aangesig van die land was, sade van elke soort.

4 En dit het gebeur dat toe hulle afgekom het in die vallei van Nimrod, het die Here neergedaal en met die broer van Jered gespreek; en Hy was in ʼn [a]wolk, en die broer van Jered het Hom nie gesien nie.

5 En dit het gebeur dat die Here hulle gebied het dat hulle moes uitgaan in die wildernis, ja, na daardie gebied waar ʼn mens nog nooit was nie. En dit het gebeur dat die Here voor hulle uitgegaan het en met hulle gespreek het terwyl Hy gestaan het in ʼn [a]wolk, en aanwysings gegee het waarheen hulle moes reis.

6 En dit het gebeur dat hulle gereis het in die wildernis, en bote gebou het, waarin hulle baie waters oorgesteek het, en hulle was gedurig gelei deur die hand van die Here.

7 En die Here wou nie toelaat dat hulle moes stop anderkant die see in die wildernis nie; maar Hy wou hê dat hulle verder moes gaan na die [a]land van belofte, wat uitverkore was bo alle ander lande, wat die Here God bewaar het vir ʼn regverdige volk.

8 En Hy het gesweer in sy toorn vir die broer van Jered, dat wie ook al hierdie land van belofte sou besit, van daardie tyd af en vir ewig, Hom moes [a]dien, die ware en enigste God, of hulle sou [b]weggevee word wanneer die volheid van sy toorn oor hulle sou kom.

9 En nou, ons kan die bevele van God sien aangaande hierdie land, dat dit ʼn land van belofte is; en watter nasie ook al dit sal besit, God sal dien, of hulle sal weggevee word wanneer die volheid van sy toorn oor hulle sal kom. En die volheid van sy toorn kom oor hulle wanneer hulle ryp is in ongeregtigheid.

10 Want kyk, dit is ʼn land wat uitverkore is bo alle ander lande; daarom, hy wat dit besit, sal God dien, of sal weggevee word; want dit is die ewigdurende bevel van God. En dit is nie tot die [a]volheid van ongeregtigheid onder die kinders van die land, dat hulle [b]weggevee word nie.

11 En dit kom na julle, o julle [a]nie-Jode, sodat julle die bevele van God mag ken—sodat julle mag bekeer en nie voortgaan in julle ongeregtighede totdat die volheid kom nie, sodat julle nie oor julle die volheid van die toorn van God mag afbring soos die inwoners van die land tot dusver gedoen het nie.

12 Kyk, hierdie is ʼn uitverkore land, en watter nasie dit ook al besit, sal [a]vry wees van

4 *a* Núm. 11:25; L&V 34:7–9; JS—G 1:68.
5 *a* Ex. 13:21–22.
7 *a* 1 Ne. 4:14. GS Beloofde Land.
8 *a* Ether 13:2.
*b* Jarom 1:3, 10; Alma 37:28; Ether 9:20.
10 *a* 2 Ne. 28:16.
*b* 1 Ne. 17:37–38.
11 *a* 2 Ne. 28:32.
12 *a* GS Vry, Vryheid.

gebondenheid en van slawerny, en van alle ander nasies onder die hemel, as hulle maar net die God van die land sal [b]dien wat Jesus Christus is, wat geopenbaar is deur die dinge wat ons geskryf het.

13 En nou gaan ek voort met my kroniek; want kyk, dit het gebeur dat die Here vir Jered en sy broers uitgebring het tot by daardie groot see wat die lande skei. En toe hulle by die see gekom het, het hulle hul tente opgeslaan; en het die naam van die plek Moriancumer genoem; en hulle het in tente gewoon, en het in tente gewoon op die strand vir ′n tydperk van vier jaar.

14 En dit het gebeur aan die einde van vier jaar dat die Here weer gekom het na die broer van Jered, en in ′n wolk gestaan het en met hom gespreek het. En vir ′n tydperk van drie ure het die Here met die broer van Jered gespreek en hom [a]gekasty omdat hy nie onthou het om die Naam van die Here [b]aan te roep nie.

15 En die broer van Jered het bekeer van die boosheid wat hy gedoen het, en het die Naam van die Here aangeroep namens sy broers wat by hom was. En die Here het aan hom gesê: Ek sal jou en jou broers vergewe van hulle sondes; maar jy sal nie meer sondig nie, want julle sal onthou dat my [a]Gees nie altyd met die mens sal [b]werk nie; daarom, as julle sal sondig totdat julle heeltemal ryp is, sal julle afgesny word van die teenwoordigheid van die Here. En dit is my gedagtes oor die land wat Ek julle as julle erfenis sal gee; want dit sal ′n [c]uitverkore land wees bo alle ander lande.

16 En die Here het gesê: Gaan te werk en bou, volgens die wyse van bote, wat julle tot hiertoe gebou het. En dit het gebeur dat die broer van Jered begin het om te werk, en ook sy broers, en het bote gebou volgens die wyse wat hulle gebou het, volgens die [a]aanwysings van die Here. En hulle was klein, en hulle was lig op die water, net soos die ligtheid van ′n voël op die water.

17 En hulle is gebou op so ′n wyse dat hulle uitermate [a]dig was, sodat hulle water kon hou soos ′n skottel; en die bodem daarvan was dig soos ′n skottel; en die kante daarvan was dig soos ′n skottel; en die kante daarvan was gepunt; en die bokant daarvan was dig soos ′n skottel; en die lengte daarvan was die lengte van ′n boom; en die deur daarvan, wanneer dit toegemaak was, was dig soos ′n skottel.

18 En dit het gebeur dat die broer van Jered tot die Here geroep het, en gesê het: O Here, ek het die werk afgehandel wat U my gebied het, en ek het die bote gemaak soos U my gewys het.

12*b* Jes. 60:12.
14*a* GS Kasty, Kastyding.
*b* GS Gebed.
15*a* Ether 15:19.
*b* Gén. 6:3; 2 Ne. 26:11; Morm. 5:16.
*c* Ether 9:20.
16*a* 1 Ne. 17:50–51.
17*a* Ether 6:7.

19 En kyk, o Here, in hulle is daar geen lig nie; waarheen sal ons stuur? En ons sal ook omkom, want in hulle kan ons nie asemhaal nie, behalwe vir die lug wat in hulle is; daarom sal ons omkom.

20 En die Here het aan die broer van Jered gesê: Kyk, jy sal ′n gat bo-in maak, en ook in die bodem; en wanneer jy lug sal kortkom, sal jy die gat oopmaak en lug ontvang. En as dit so is dat die water inkom op jou, kyk, jy sal die opening toemaak, sodat jy nie omkom in die vloed nie.

21 En dit het gebeur dat die broer van Jered so gedoen het, volgens wat die Here hom gebied het.

22 En hy het weer tot die Here geroep, en gesê: O Here, kyk, ek het gedoen net soos U my gebied het; en ek het die vaartuie voorberei vir my volk, en kyk, daar is geen lig in hulle nie. Kyk, o Here, sal U toelaat dat ons hierdie groot water sal oorsteek in die donker?

23 En die Here het aan die broer van Jered gesê: Wat wil julle hê moet Ek doen dat julle lig mag hê in julle vaartuie? Want kyk, julle kan nie vensters hê nie, want hulle sal in stukke geslaan word; nóg sal julle vuur saam met julle neem, want julle sal nie reis met die lig van vuur nie.

24 Want kyk, julle sal wees soos ′n walvis in die middel van die see; want die bergagtige golwe sal teen julle slaan. Nogtans, Ek sal julle weer bring uit die dieptes van die see; want die [a]winde het uitgegaan uit my mond, en ook die [b]reëns en die vloede het Ek gestuur.

25 En kyk, Ek berei julle voor teen hierdie dinge; want julle kan nie hierdie groot diepte oorsteek tensy Ek julle voorberei teen die golwe van die see, en die winde wat uitgegaan het, en die vloede wat sal kom nie. Daarom, wat wil julle hê dat Ek vir julle moet berei sodat julle lig mag hê wanneer julle verswelg word in die dieptes van die see?

## HOOFSTUK 3

*Die broer van Jered sien die vinger van die Here toe Hy sestien klippe aanraak—Christus toon sy geestelike liggaam aan die broer van Jered—Diegene wat ′n volmaakte kennis het, kan nie weerhou word om binne die sluier te sien nie—Vertolkers word voorsien om die Jereditiese kroniek aan die lig te bring.*

EN dit het gebeur dat die broer van Jered, (nou die getal van die vaartuie wat voorberei was, was agt) na die berg gegaan het, wat hulle genoem het die berg Selem, vanweë sy uitermate hoogte, en het sestien klein klippies uit ′n rots gesmelt; en hulle was wit en helder, net soos deurskynende glas; en hy het hulle gedra in sy hande na die kruin van die berg, en het weer tot die Here geroep, en gesê:

24*a* Ether 6:5. *b* Ps. 148:8.

2 O Here, U het gesê dat ons omring moet wees deur die vloede. Nou kyk, o Here, en wees nie toornig op u dienskneg vanweë sy swakheid voor U nie; want ons weet dat U heilig is en woon in die hemele, en dat ons onwaardig is voor U; vanweë die [a]val het ons van [b]nature boos geword voortdurend; nogtans, o Here, U het ons ʼn gebod gegee dat ons U moet aanroep, sodat ons van U mag ontvang volgens ons begeertes.

3 Kyk, o Here, U het ons geslaan vanweë ons ongeregtigheid, en het ons voortgedryf, en vir hierdie baie jare was ons in die wildernis; nogtans was U [a]barmhartig jeens ons. O Here, sien op my neer met medelye, en wend u toorn af van hierdie, u volk, en laat nie toe dat hulle sal uitgaan oor hierdie woeste diepte in die donker nie; maar aanskou hierdie dinge wat ek gesmelt het uit die rots.

4 En ek weet, o Here, dat U alle [a]krag het; en kan doen wat U ook al wil tot die voordeel van die mens; daarom, raak hierdie klippe aan, o Here, met u vinger, en berei hulle voor sodat hulle mag skyn in die donker; en hulle sal skyn vir ons in die vaartuie wat ons voorberei het, sodat ons lig mag hê terwyl ons die see sal oorsteek.

5 Kyk, o Here, U kan dit doen. Ons weet dat U in staat is om groot krag te toon, wat klein [a]lyk vir die begrip van die mens.

6 En dit het gebeur dat toe die broer van Jered hierdie dinge gesê het, kyk, het die [a]Here sy hand uitgestrek en die klippe een vir een aangeraak met sy vinger. En die [b]sluier is weggeneem vanaf die oë van die broer van Jered, en hy het die vinger van die Here gesien; en dit was soos die vinger van ʼn mens, soos vlees en bloed; en die broer van Jered het neergeval voor die Here, want hy is getref deur vrees.

7 En die Here het gesien dat die broer van Jered neergeval het op die aarde; en die Here het aan hom gesê: Staan op, hoekom het jy neergeval?

8 En hy sê vir die Here: Ek het die vinger van die Here gesien, en ek was bang dat Hy my sou slaan; want ek het nie geweet dat die Here vlees en bloed het nie.

9 En die Here het aan hom gesê: Vanweë jou geloof het jy gesien dat Ek op My [a]vlees en bloed sal neem; en nog nooit het ʼn mens voor My gekom met sulke uitermate geloof soos wat jy het nie; want as dit nie so was nie, kon jy nie my vinger gesien het nie. Het jy meer as dit gesien?

10 En hy het geantwoord: Nee; Here, toon Uself aan my.

11 En die Here het aan hom gesê: Glo jy die woorde wat Ek sal spreek?

**3** 2*a* GS Val van Adam en Eva.
*b* Mosia 3:19.
3*a* Ether 1:34–43.
4*a* GS Krag.
5*a* Jes. 55:8–9; 1 Ne. 16:29.
6*a* GS Jesus Christus.
*b* Ether 12:19, 21.
9*a* GS Jesus Christus; Sterflik, Sterflikheid; Vlees.

12 En hy het geantwoord: Ja, Here, ek weet dat U die waarheid spreek, want U is ′n God van waarheid, en [a]kan nie lieg nie.
13 En toe hy hierdie woorde gesê het, kyk, die Here het Hom aan hom [a]getoon, en gesê: [b]Omdat jy hierdie dinge weet, is jy verlos van die val; daarom word jy teruggebring in my teenwoordigheid; daarom [c]toon Ek myself aan jou.
14 Kyk, Ek is Hy wat voorberei was vanaf die grondlegging van die wêreld om my volk te [a]verlos. Kyk, Ek is Jesus Christus. Ek is die [b]Vader en die Seun. In My sal die hele mensdom [c]lewe hê, en dit ewiglik, naamlik hulle wat sal glo in my Naam; en hulle sal my [d]seuns en my dogters word.
15 En nooit het Ek Myself getoon aan die mens wat Ek geskape het nie, want nooit het die mens in My [a]geglo soos jy nie. Sien jy dat jy geskape is na my eie [b]beeld? Ja, en wel alle mense is geskape in die begin na my eie beeld.
16 Kyk, hierdie liggaam, wat jy nou aanskou, is die liggaam van my [a]Gees; en die mens het Ek geskape na die liggaam van my Gees; en net soos Ek aan jou verskyn in die Gees, net so sal Ek verskyn aan my volk in die vlees.
17 En nou, omdat ek, Moroni, gesê het dat ek nie ′n volledige verslag van hierdie dinge kon maak wat geskrywe is nie, daarom is dit voldoende vir my om te sê dat Jesus Hom getoon het aan hierdie man in die Gees, en wel op dieselfde wyse en in die gelykenis van dieselfde liggaam, net soos Hy Homself [a]getoon het aan die Nefiete.
18 En Hy het hom gedien net soos Hy die Nefiete gedien het; en dit alles, sodat hierdie man mag weet dat Hy God was, vanweë die baie groot werke wat die Here aan hom getoon het.
19 En vanweë die kennis van hierdie man kon hy nie daarvan weerhou word om binne die [a]sluier te sien nie; en hy het die vinger van Jesus gesien, wat, toe hy gesien het, het hy van vrees neergeval; want hy het geweet dat dit die vinger was van die Here; en hy het nie langer geloof gehad nie, want hy het geweet, sonder twyfel.
20 Daarom, omdat hy hierdie volmaakte kennis van God gehad het, kon hy [a]nie weerhou word van binne die sluier nie; daarom het hy Jesus gesien; en hy het Hom gedien.
21 En dit het gebeur dat die Here aan die broer van Jered gesê het: Kyk, jy sal nie toelaat dat hierdie

12*a* Hebr. 6:18.
13*a* L&V 67:10–11.
*b* Enos 1:6–8.
*c* GS Jesus Christus—Vooraardse bestaan van Christus.
14*a* GS Verlos, Verlossing; Verlosser.
*b* Mosia 15:1–4.
*c* Mosia 16:9.
*d* GS Seuns en Dogters van God.
15*a* GS Geloof, Glo.
*b* Gén. 1:26–27; Mosia 7:27; L&V 20:17–18.
16*a* GS Gees.
17*a* 3 Ne. 11:8–10.
19*a* GS Sluier.
20*a* Ether 12:19–21.

dinge wat jy gesien en gehoor het uitgaan in die wêreld nie, totdat die [a]tyd kom dat Ek my Naam sal verheerlik in die vlees; daarom, jy sal die dinge wat jy gesien en gehoor het veilig wegbêre en dit aan geen mens toon nie.

22 En kyk, wanneer jy na My sal kom, sal jy hulle skryf en sal hulle verseël, sodat geeneen hulle kan vertolk nie; want jy sal hulle in 'n taal skryf sodat hulle nie gelees kan word nie.

23 En kyk, Ek sal hierdie [a]twee stene aan jou gee, en jy sal hulle ook verseël saam met die dinge wat jy sal skryf.

24 Want kyk, die taal wat jy sal skryf het Ek verwar; daarom sal Ek in my eie bepaalde tyd toelaat dat hierdie stene die dinge wat jy sal skryf, sal verhelder aan die oë van mense.

25 En toe die Here hierdie woorde gespreek het, het Hy aan die broer van Jered [a]al die inwoners van die aarde getoon wat was, en ook almal wat sou wees; en Hy het hulle nie weerhou van sy sig, tot aan die eindes van die aarde nie.

26 Want Hy het vantevore aan hom gesê, dat [a]as hy in Hom sou [b]glo dat Hy [c]alle dinge aan hom kon toon—dit aan hom getoon sou word; daarom kon die Here niks van hom weerhou nie, want hy het geweet dat die Here hom alle dinge kon toon.

27 En die Here het vir hom gesê: Skryf hierdie dinge en [a]verseël hulle; en Ek sal hulle in my eie bepaalde tyd aan die kinders van mense toon.

28 En dit het gebeur dat die Here hom gebied het dat hy die twee [a]stene moes verseël wat hy ontvang het, en hulle nie toon nie, totdat die Here hulle sou toon aan die kinders van mense.

## HOOFSTUK 4

*Moroni word gebied om die geskrifte van die broer van Jered te verseël—Hulle sal nie geopenbaar word totdat die mens geloof het net soos die broer van Jered nie—Christus gebied die mens om sy woorde te glo en dié van sy dissipels—Die mens word gebied om te bekeer, die evangelie te glo, en gered te word.*

EN die Here het die broer van Jered gebied om af te gaan van die berg van die teenwoordigheid van die Here, en die dinge te [a]skrywe wat hy gesien het; en hulle was verbied om na die kinders van mense te kom [b]tot ná Hy opgehef sou word op die kruis; en om hierdie rede het koning Mosia hulle gehou, sodat hulle nie na die wêreld sou kom tot ná Christus Homself aan sy volk sou toon nie.

2 En nadat Christus Hom waarlik aan sy volk getoon het, het Hy gebied dat hulle openbaar gemaak moes word.

21*a* Ether 4:1.
23*a* GS Urim en Tummim.
25*a* Moses 1:8.
26*a* Ether 3:11–13.
*b* GS Geloof, Glo.
*c* Ether 4:4.
27*a* 2 Ne. 27:6–8.
28*a* L&V 17:1.
**4** 1*a* Ether 12:24. GS Skrifture.
*b* Ether 3:21.

3 En nou, daarna, het hulle almal gekwyn in ongeloof; en daar is niemand behalwe vir die Lamaniete nie, en hulle het die evangelie van Christus verwerp, daarom word ek gebied dat ek hulle weer moet [a]wegbêre in die aarde.

4 Kyk, ek het op hierdie plate die juiste dinge geskryf wat die broer van Jered gesien het; en daar is nog nooit groter dinge geopenbaar as dié wat openbaar gemaak is aan die broer van Jered nie.

5 Daarom het die Here my gebied om hulle te skrywe; en ek het hulle geskrywe. En Hy het my gebied dat ek hulle moes verseël; en Hy het my ook gebied dat ek die vertolking daarvan moet [a]verseël; daarom het ek die [b]vertolkers verseël, volgens die gebod van die Here.

6 Want die Here het aan my gesê: Hulle sal nie uitgaan na die nie-Jode nie tot die dag dat hulle sal bekeer van hul ongeregtigheid, en rein word voor die Here.

7 En in daardie dag dat hulle geloof sal beoefen in My, sê die Here, net soos die broer van Jered gedoen het, sodat hulle [a]geheilig mag word in My, dan sal Ek aan hulle die dinge openbaar wat die broer van Jered gesien het, tot die ontvouing aan hulle van al my openbarings, sê Jesus Christus, die Seun van God, die [b]Vader van die hemele en van die aarde, en alle dinge wat daarin is.

8 En hy wat wil [a]stry teen die woord van die Here, laat hom vervloek wees; en hy wat hierdie dinge sal [b]loën, laat hom vervloek wees; want aan hulle sal Ek [c]geen groter dinge toon nie, sê Jesus Christus; want Ek is Hy wat spreek.

9 En op my bevel word die hemele geopen en word [a]gesluit; en op my woord sal die [b]aarde skud; en op my bevel sal die inwoners daarvan omkom, en wel soos deur vuur.

10 En hy wat nie my woorde glo nie, glo nie my dissipels nie; en as dit so is dat Ek nie spreek nie, oordeel julle; want julle sal weet dat dit Ek is wat spreek, op die [a]laaste dag.

11 Maar hy wat hierdie dinge [a]glo wat Ek gespreek het, hóm sal Ek besoek met openbarings van my Gees, en hy sal weet en getuienis lewer. Want vanweë my Gees sal hy [b]weet dat hierdie dinge [c]waar is; want dit oorreed mense om goed te doen.

12 En watter ding mense ook al oorreed om goed te doen, is van My; want die [a]goeie kom van niemand nie behalwe van My. Ek is Hy wat die mense lei na alle

3*a* Morm. 8:14.
5*a* Ether 5:1.
*b* L&V 17:1; JS—G 1:52. GS Urim en Tummim.
7*a* GS Heiligmaking.
*b* Mosia 3:8.
8*a* 3 Ne. 29:5–6; Morm. 8:17.
*b* 2 Ne. 27:14; 28:29–30.
*c* Alma 12:10–11; 3 Ne. 26:9–10.
9*a* 1 Kon. 8:35; L&V 77:8.
*b* Hel. 12:8–18; Morm. 5:23.
10*a* 2 Ne. 33:10–15.
11*a* L&V 5:16.
*b* GS Getuienis.
*c* Ether 5:3–4; Moro. 10:4–5.
12*a* Alma 5:40; Moro. 7:16–17.

goedheid; hy wat [b]nie my woorde sal glo nie, sal My nie glo nie—dat Ek is; en hy wat My nie sal glo nie, sal nie die Vader glo wat My gestuur het nie. Want kyk, Ek is die Vader, Ek is die [c]lig, en die [d]lewe, en die waarheid van die wêreld.

13 [a]Kom na My, o julle nie-Jode, en Ek sal aan julle die groter dinge toon, die kennis wat weggebêre is vanweë ongeloof.

14 Kom na My, o julle huis van Israel, en dit sal [a]openbaar gemaak word aan julle watter groot dinge die Vader weggebêre het vir julle, vanaf die grondlegging van die wêreld; en dit het nie na julle gekom nie, as gevolg van ongeloof.

15 Kyk, wanneer julle daardie sluier van ongeloof sal skeur wat julle in julle aaklige toestand van boosheid, en hardheid van hart, en blindheid van verstand laat bly, dan sal die groot en wonderbaarlike dinge wat [a]verberg is van julle vanaf die grondlegging van die wêreld—ja, wanneer julle die Vader sal aanroep in my Naam, met 'n gebroke hart en 'n verslae gees, dan sal julle weet dat die Vader die verbond onthou het wat Hy gesluit het met julle vaders, o huis van Israel.

16 En dan sal my [a]openbarings wat Ek laat skryf het deur my dienskneg Johannes ontvou word voor die oë van die hele volk. Onthou, wanneer julle hierdie dinge sien, sal julle weet dat die tyd op hande is dat hulle in der waarheid openbaar gemaak sal word.

17 Daarom, [a]wanneer julle hierdie kroniek sal ontvang, mag julle weet dat die werk van die Vader begin het op die hele aangesig van die land.

18 Daarom, [a]bekeer al julle eindes van die aarde, en kom na My, en glo in my evangelie, en word [b]gedoop in my Naam; want hy wat glo en gedoop word, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal verdoem word; en [c]tekens sal hulle volg wat in my Naam glo.

19 En geseënd is hy wat [a]getrou bevind word aan my Naam op die laaste dag, want hy sal verhef word om te woon in die koninkryk wat vir hom berei is [b]vanaf die grondlegging van die wêreld. En kyk, dit is Ek wat dit gespreek het. Amen.

## HOOFSTUK 5

*Drie getuies en die werk self sal staan as 'n getuienis van die waaragtigheid van die Boek van Mormon.*

---

12 *b* 3 Ne. 28:34.
*c* GS Lig, Lig van Christus.
*d* Joh. 8:12; Alma 38:9.
13 *a* 3 Ne. 12:2–3.
14 *a* L&V 121:26–29.
15 *a* 2 Ne. 27:10.
16 *a* Openb. 1:1; 1 Ne. 14:18–27.
17 *a* 3 Ne. 21:1–9, 28.
18 *a* 3 Ne. 27:20; Moro. 7:34.
*b* Joh. 3:3–5. GS Doop—Noodsaaklik.
*c* GS Gawes van die Gees.
19 *a* Mosia 2:41; L&V 6:13. GS Jesus Christus—Om die Naam van Jesus Christus op ons te neem.
*b* 2 Ne. 9:18.

En nou ek, Moroni, het die woorde geskryf wat my gebied is, volgens my geheue; en ek het julle die dinge vertel wat ek [a]verseël het; daarom raak hulle nie aan met die doel dat julle mag vertaal nie; want daardie ding is julle verbied, tensy dit weldra wysheid sal wees in God.

2 En kyk, jy mag bevoorreg wees dat jy die plate mag toon aan [a]diegene wat sal help om hierdie werk te voorskyn te bring.

3 En aan [a]drie sal hulle getoon word deur die krag van God; daarom sal hulle vir seker [b]weet dat hierdie dinge [c]waar is.

4 En in die mond van drie [a]getuies sal hierdie dinge bevestig word; en die getuienis van drie, en hierdie werk, waarin die krag van God getoon sal word en ook sy woord, waarvan die Vader, en die Seun, en die Heilige Gees getuienis lewer—en dit alles sal staan as 'n getuienis teen die wêreld op die laaste dag.

5 En as dit so is dat hulle bekeer en [a]kom na die Vader in die Naam van Jesus, sal hulle ontvang word in die koninkryk van God.

6 En nou, as ek geen gesag het aangaande hierdie dinge nie, oordeel julle; want julle sal weet dat ek gesag het wanneer julle my sal sien, en ons sal staan voor God op die laaste dag. Amen.

## HOOFSTUK 6

*Die Jereditiese bote word gedryf deur die winde na die beloofde land—Die volk loof die Here vir sy goedheid—Oriha word aangestel as koning oor hulle—Jered en sy broer sterf.*

En nou ek, Moroni, gaan voort om die kroniek te gee van Jered en sy broer.

2 Want dit het gebeur nadat die Here die [a]klippe berei het wat die broer van Jered na die berg opgedra het, het die broer van Jered afgekom van die berg en hy het die klippe geplaas in die vaartuie wat voorberei was, een aan elke punt daarvan; en kyk, hulle het lig gegee aan die vaartuie.

3 En so het die Here die klippe laat skyn in die donker, om lig te gee aan manne, vroue en kinders, sodat hulle nie die groot waters in die donker hoef oor te steek nie.

4 En dit het gebeur dat toe hulle allerlei soorte voedsel voorberei het, sodat hulle daardeur mag bestaan op die water, en ook voedsel vir hulle kleinvee en grootvee, en watter soort vee of dier of voël wat hulle ook al met hulle sou saamneem—En dit het gebeur dat toe hulle hierdie dinge gedoen het, het hulle aan boord gegaan van hulle vaartuie of bote, en op die see uitgevaar, en het

**5** 1*a* 2 Ne. 27:7–8, 21; Ether 4:4–7.
2*a* 2 Ne. 27:12–14; L&V 5:9–15.
3*a* 2 Ne. 11:3; 27:12.
*b* L&V 5:25.
*c* Ether 4:11.
4*a* Sien die opskrif van L&V 17 en verse 1–3; sien ook "Die Getuienis van Drie Getuies" in die inleidende bladsye van die Boek van Mormon.
5*a* Morm. 9:27; Moro. 10:30–32.
**6** 2*a* Ether 3:3–6.

hulle hulself toevertrou aan die Here hulle God.
5 En dit het gebeur dat die Here God ’n [a]sterk wind laat waai het oor die aangesig van die waters, na die beloofde land; en so is hulle geslinger op die golwe van die see voor die wind.
6 En dit het gebeur dat hulle baie keer begrawe is in die dieptes van die see, vanweë die bergagtige golwe wat oor hulle gebreek het, en ook die groot en verskriklike storms wat veroorsaak is deur die woestheid van die wind.
7 En dit het gebeur dat toe hulle begrawe is in die dieptes, was daar geen water wat hulle kon skade aandoen nie, omdat hulle vaartuie so [a]dig was soos ’n skottel, en ook hulle was dig soos die [b]ark van Noag; daarom, toe hulle omgewe is deur die baie waters, het hulle tot die Here geroep, en Hy het hulle weer uitgebring bo-op die waters.
8 En dit het gebeur dat die wind nooit opgehou het om te waai na die beloofde land terwyl hulle op die waters was nie; en so is hulle voortgedrywe voor die wind.
9 En hulle het lofliedere [a]gesing tot die Here; ja, die broer van Jered het lofliedere gesing tot die Here, en hy het die Here [b]gedank en geloof die hele dag lank; en toe dit nag word, het hulle nie opgehou om die Here te loof nie.
10 En so is hulle voortgedrywe; en geen monster van die see kon hulle breek nie, nóg walvis wat hulle kon skaad; en hulle het voortdurend lig gehad, hetsy dit bo-op die water was of onder die water.
11 En so is hulle voortgedrywe, driehonderd vier en veertig dae op die water.
12 En hulle het op die kus van die beloofde land geland. En toe hulle hul voete op die kus van die beloofde land gesit het, het hulle hulself neergebuig op die aangesig van die aarde, en hulle verootmoedig voor die Here, en trane van blydskap voor die Here gestort vanweë die menigvuldigheid van sy tere barmhartighede oor hulle.
13 En dit het gebeur dat hulle uitgegaan het oor die aangesig van die land, en begin het om die grond te bewerk.
14 En Jered het vier seuns gehad; en hulle is genoem Jacom, en Gilga, en Maha, en Oriha.
15 En die broer van Jered het ook seuns en dogters gehad.
16 En die [a]vriende van Jered en sy broer was in getal omtrent twee en twintig siele; en hulle het ook seuns en dogters gehad voordat hulle na die beloofde land gekom het; en daarom het hulle begin om baie te word.
17 En hulle is geleer om voor die Here te [a]wandel; en hulle is ook [b]geleer van Omhoog.

5*a* Ether 2:24–25.
7*a* Ether 2:17.
*b* Gén. 6:14; Moses 7:43.
9*a* GS Sing.
*b* 1 Kron. 16:7–9; Alma 37:37; L&V 46:32.
16*a* Ether 1:41.
17*a* GS Wandel, Wandel met God.
*b* GS Openbaring.

18 En dit het gebeur dat hulle begin het om te versprei oor die aangesig van die land, en om te vermenigvuldig en die aarde te bewerk; en hulle het sterk geword in die land.

19 En die broer van Jered het begin om oud te word, en het gesien dat hy spoedig moes afgaan na die graf; daarom het hy aan Jered gesê: Laat ons ons volk bymekaarmaak sodat ons hulle mag tel, sodat ons van hulle kan verneem wat hulle van ons wil hê voordat ons afgaan na ons grafte.

20 En dienooreenkomstig is die volk bymekaargemaak. Nou was die getal van die seuns en die dogters van die broer van Jered twee en twintig siele; en die getal seuns en dogters van Jered was twaalf, en hy het vier seuns gehad.

21 En dit het gebeur dat hulle hul mense getel het; en nadat hulle hul getel het, het hulle van hulle verneem van dié dinge wat hulle wou hê hul moes doen voordat hulle na hul grafte afgaan.

22 En dit het gebeur dat die volk hulle gevra het dat hulle een van hul seuns moes [a]salf om ’n koning te wees oor hulle.

23 En nou kyk, dit was verontrustend vir hulle. En die broer van Jered het aan hulle gesê: Waarlik, hierdie ding lei tot [a]slawerny.

24 Maar Jered het aan sy broer gesê: Laat hulle toe dat hulle ’n koning mag hê. En daarom het hy aan hulle gesê: Kies julle onder ons seuns ’n koning uit, wie julle ook al wil.

25 En dit het gebeur dat hulle naamlik die eersgeborene gekies het van die broer van Jered; en sy naam was Pagag. En dit het gebeur dat hy geweier het en wou nie hulle koning wees nie. En die volk wou hê dat sy vader hom moes noop, maar sy vader wou nie; en hy het hulle beveel dat hulle geen mens moes noop om hulle koning te wees nie.

26 En dit het gebeur dat hulle al die broers van Pagag gekies het, en hulle wou nie.

27 En dit het gebeur dat nie een van die seuns van Jered wou nie, en wel almal behalwe een, en Oriha is gesalf om koning te wees oor die volk.

28 En hy het begin om te heers, en die volk het begin om voorspoedig te word; en hulle het uitermate ryk geword.

29 En dit het gebeur dat Jered gesterf het, en ook sy broer.

30 En dit het gebeur dat Oriha nederig gewandel het voor die Here, en het onthou watter groot dinge die Here vir sy vader gedoen het, en het ook sy volk geleer watter groot dinge die Here vir hulle vaders gedoen het.

## HOOFSTUK 7

*Oriha heers in regverdigheid—Te midde van gewelddadige inbesitneming en onenigheid word die wedywerende koninkryke van Sule en*

22*a* GS Salf. | 23*a* 1 Sam. 8:10–18; Mosia 29:16–23.

*Cohor gestig—Profete veroordeel die boosheid en afgodery van die volk wat dan bekeer.*

En dit het gebeur dat Oriha oordeel gevel het in regverdigheid oor die land al sy dae, wie se dae uitermate baie was.

2 En hy het seuns en dogters verwek; ja, hy het een en dertig verwek, waaronder drie en twintig seuns was.

3 En dit het gebeur dat hy ook Kib verwek het in sy oudag. En dit het gebeur dat Kib geheers het in sy plek; en Kib het Corihor verwek.

4 En toe Corihor twee en dertig jaar oud was, het hy gerebelleer teen sy vader, en het oorgegaan en gewoon in die land Nehor; en hy het seuns en dogters verwek, en hulle het uitermate mooi geword; daarom het Corihor baie mense weggelok agter hom aan.

5 En toe hy 'n leër versamel het, het hy opgekom na die land Moron, waar die koning gewoon het, en hom gevange geneem, wat die [a]woord van die broer van Jered vervul het dat hulle na slawerny gebring sou word.

6 Nou die land Moron, waar die koning gewoon het, was naby die land wat Verlatenheid genoem is deur die Nefiete.

7 En dit het gebeur dat Kib in slawerny gewoon het, en sy volk onder Corihor sy seun, totdat hy uitermate oud geword het; nogtans het Kib vir Sule verwek op sy oudag, terwyl hy nog in slawerny was.

8 En dit het gebeur dat Sule toornig was op sy broer; en Sule het sterk geword, en het magtig geword volgens die krag van 'n man; en hy was ook magtig in oordeel.

9 Daarom, het hy by die heuwel Efraim gekom, en hy het uit die heuwel gesmelt, en het swaarde gemaak van staal vir diegene wat hy weggelok het saam met hom; en nadat hy hulle bewapen het met swaarde, het hy teruggekeer na die stad Nehor, en teen sy broer Corihor geveg, deur welke wyse hy die koninkryk verkry het, en het dit herstel aan sy vader Kib.

10 En nou vanweë die ding wat Sule gedoen het, het sy vader aan hom die koninkryk gegee; daarom het hy begin om te heers in die plek van sy vader.

11 En dit het gebeur dat hy oordeel gevel het in regverdigheid; en hy het sy koninkryk versprei oor die hele aangesig van die land, want die mense het uitermate talryk geword.

12 En dit het gebeur dat Sule ook baie seuns en dogters verwek het.

13 En Corihor het bekeer van die baie booshede wat hy gedoen het; daarom het Sule hom mag gegee in sy koninkryk.

14 En dit het gebeur dat Corihor baie seuns en dogters gehad het. En onder die seuns van Corihor

**7** 5*a* Ether 6:23.

was daar een wie se naam Noag was.

15 En dit het gebeur dat Noag gerebelleer het teen Sule, die koning, en ook sy vader, Corihor, en Cohor sy broer weggelok het, en ook al sy broers en baie van die volk.

16 En hy het vir Sule, die koning, die stryd aangesê, waardeur hy besit van die land van hulle eerste erfenis verkry het; en hy het ʼn koning geword oor daardie deel van die land.

17 En dit het gebeur dat hy weer vir Sule, die koning, die stryd aangesê het; en hy het Sule, die koning, geneem, hom gevang en weggevoer na Moron.

18 En dit het gebeur toe hy op die punt was om hom dood te maak, het die seuns van Sule gedurende die nag Noag se huis binnegesluip en hom gedood, en die deur van die gevangenis afgebreek en hulle vader uitgebring, en hom op sy troon geplaas in sy eie koninkryk.

19 Daarom, die seun van Noag het sy koninkryk opgebou in sy plek; nogtans het hulle nie meer mag gekry oor Sule die koning nie, en die volk wat onder die regering van Sule die koning was, het uitermate voorspoedig en groot geword.

20 En die land was verdeel; en daar was twee koninkryke, die koninkryk van Sule, en die koninkryk van Cohor, die seun van Noag.

21 En Cohor, die seun van Noag, het sy volk vir Sule die stryd laat aansê, waarin Sule hulle verslaan het en Cohor gedood het.

22 En nou Cohor het ʼn seun gehad wat genoem was Nimrod; en Nimrod het die koninkryk van Cohor oorgegee aan Sule, en hy het guns verkry in die oë van Sule; daarom het Sule baie gunste aan hom bewys, en hy het gedoen in die koninkryk van Sule volgens sy begeertes.

23 En ook gedurende die heerskappy van Sule het daar profete gekom onder die volk wat gestuur is deur die Here, wat geprofeteer het dat die boosheid en [a]afgodery van die volk ʼn vloek gebring het oor die land, en hulle vernietig moes word as hulle nie sou bekeer nie.

24 En dit het gebeur dat die volk die profete beledig en hulle bespot het. En dit het gebeur dat koning Sule oordeel gevel het teen al diegene wat die profete beledig het.

25 En hy het ʼn wet dwarsdeur die land uitgevaardig wat mag gegee het aan die profete dat hulle kon gaan waar hulle ook al wou; en vanweë hiervan is die volk tot bekering gebring.

26 En omdat die volk bekeer het van hul ongeregtighede en afgoderye het die Here hulle gespaar, en hulle het weer begin om voorspoedig te wees in die land. En dit het gebeur dat Sule seuns en dogters verwek het op sy oudag.

23*a* GS Afgodery.

27 En daar was nie meer oorloë
in die dae van Sule nie; en hy het
die groot dinge wat die Here vir
sy vaders gedoen het onthou deur
hulle [a]oor die groot dieptes na die
beloofde land te bring; daarom
het hy oordeel gevel in regverdig-
heid al sy dae.

## HOOFSTUK 8

*Daar is stryd en onenigheid aangaande die koninkryk—Akis vorm ʼn eed-gebonde geheime organisasie om die koning te dood—Geheime organisasies is van die duiwel en lei tot die vernietiging van nasies—Moderne nie-Jode word gewaarsku teen die geheime organisasie wat sal poog om die vryheid van alle lande, nasies, en streke omver te gooi.*

En dit het gebeur dat hy Omer
verwek het, en Omer het in sy
plek geheers. En Omer het Jered
verwek; en Jered het seuns en
dogters verwek.
2 En Jered het gerebelleer teen
sy vader, en het gekom en in die
land Het gewoon. En dit het ge-
beur dat hy baie mense gevlei het,
as gevolg van sy sluwe woorde,
totdat hy die helfte van die ko-
ninkryk verkry het.
3 En toe hy die helfte van die ko-
ninkryk verkry het, het hy sy va-
der die stryd aangesê, en hy het
sy vader weggevoer in slawerny,
en hom maak dien in slawerny;
4 En nou, in die dae van die
heerskappy van Omer was hy in
slawerny die helfte van sy dae.
En dit het gebeur dat hy seuns en
dogters verwek het, onder wie Es-
rom en Coriantumr was.
5 En hulle was uitermate toornig
vanweë die doenighede van Jered
hul broer, in soverre dat hulle ʼn
leër op die been gebring het en
vir Jered die stryd aangesê het.
En dit het gebeur dat hulle hom
die stryd aangesê het in die nag.
6 En dit het gebeur dat toe hulle
die leër van Jered doodgemaak
het, was hulle op die punt om
hom ook dood te maak; en hy het
gepleit by hulle dat hulle hom nie
moes doodmaak nie, en hy sou
die koninkryk afstaan aan sy va-
der. En dit het gebeur dat hulle
hom sy lewe gegun het.
7 En nou het Jered uitermate be-
droef geword vanweë die verlies
van die koninkryk, want hy het
sy hart gestel op die koninkryk en
op die eer van die wêreld.
8 Nou was die dogter van Je-
red uitermate skrander en om-
dat sy die droefhede van haar
vader gesien het, het sy gedink
om ʼn plan te beraam waardeur
sy die koninkryk aan haar vader
kon herstel.
9 Nou, die dogter van Jered was
uitermate mooi. En dit het gebeur
dat sy met haar vader gespreek
het, en aan hom gesê het: Waarom
het my vader soveel droefheid?
Het hy nie die kroniek gelees wat
ons vaders gebring het oor die
groot diepte nie? Kyk, is daar nie
ʼn verslag aangaande hulle van
ouds, dat hulle deur hul [a]geheime

27*a* Ether 6:4, 12.

**8** 9*a* Hel. 6:26–30; 3 Ne. 6:28; Moses 5:51–52.

planne koninkryke verkry het en groot eer nie?

10 En nou, daarom, laat my vader vir Akis laat haal, die seun van Kimnor; en kyk, ek is mooi, en ek sal voor hom [a]dans, en ek sal hom behaag, sodat hy my sal begeer tot vrou; daarom, as hy van u wil hê dat u aan hom my tot vrou sal gee, dan sal u sê: Ek sal haar gee as jy vir my die hoof sal bring van my vader, die koning.

11 En nou, Omer was ′n vriend van Akis; daarom, toe Jered vir Akis laat haal het, het die dogter van Jered voor hom gedans sodat sy hom behaag het, in soverre dat hy haar begeer het tot vrou. En dit het gebeur dat hy aan Jered gesê het: Gee haar vir my tot vrou.

12 En Jered het aan hom gesê: Ek sal haar vir jou gee, as jy vir my die hoof sal bring van my vader, die koning.

13 En dit het gebeur dat Akis in die huis van Jered al sy verwante bymekaar gebring het, en aan hulle gesê het: Sal julle vir my sweer dat julle getrou sal wees aan my in die ding wat ek van julle sal begeer?

14 En dit het gebeur dat hulle almal vir hom [a]gesweer het, by die God van die hemel, en ook by die hemele, en ook by die aarde, en by hulle hoofde, dat wie ook al sou afwyk van die hulp wat Akis begeer het, sy kop sou verloor; en wie ook al sou onthul wat Akis ook al aan hulle bekendgemaak het, sou sy lewe verloor.

15 En dit het gebeur dat hulle só met Akis ooreengekom het. En Akis het hulle die [a]ede laat aflê wat gegee is deur hulle van ouds wat ook na mag gesoek het, wat oorgelewer is en wel vanaf [b]Kain, wat ′n moordenaar was vanaf die begin.

16 En hulle is in stand gehou deur die mag van die duiwel om hierdie ede deur die volk te laat aflê, om hulle in duisternis te hou, om diesulkes te help wat gesoek het om mag te verkry, en om te moor, en om te plunder, en om te lieg, en om allerlei booshede en hoererye te pleeg.

17 En dit was die dogter van Jered wat dit in sy hart gelê het om hierdie dinge van ouds op te soek; en Jered het dit in die hart van Akis gelê; daarom, Akis het dit deur sy verwante en vriende laat aflê; en hulle weggelei deur mooi beloftes om te doen wat hy ook al wou hê.

18 En dit het gebeur dat hulle ′n [a]geheime organisasie gevorm het, net soos hulle van ouds, welke organisasie die gruwelikste en boosste is bo alles in die oë van God;

19 Want die Here werk nie deur geheime organisasies nie, nóg gebied Hy dat die mens bloed moet vergiet, maar het in alle dinge dit verbied, vanaf die begin van die mens.

10*a* Mark. 6:22–28.
14*a* GS Laster, Godslastering.
15*a* GS Eed.
*b* Gén. 4:7–8; Moses 5:28–30.
18*a* GS Geheime Organisasies.

20 En nou, ek, Moroni, skryf nie die aard van hulle ede en organisasies nie, want dit is aan my bekendgemaak dat hulle onder alle volke te vinde is, en hulle is te vinde onder die Lamaniete.

21 En hulle het die vernietiging veroorsaak van hierdie volk van wie ek nou spreek, en ook die [a]vernietiging van die volk van Nefi.

22 En watter nasie ook al sulke geheime organisasies sal ondersteun, om mag en gewin te verkry, totdat hulle sal versprei oor die nasie, kyk, hulle sal vernietig word; want die Here sal nie [a]toelaat dat die bloed van sy heiliges, wat vergiet sal word deur hulle, altyd tot Hom sal roep vanaf die grond om [b]wraak oor hulle en nogtans wreek Hy hulle nie.

23 Daarom, o julle nie-Jode, dit is wysheid in God dat hierdie dinge aan julle getoon moet word, sodat julle daardeur mag bekeer van julle sondes, en nie toelaat dat hierdie moorddadige organisasies oor julle sal kom, wat opgebou is om [a]mag en gewin te verkry nie—en die werk, ja, en wel die werk van vernietiging kom op julle, ja, en wel die swaard van die geregtigheid van die Ewige God sal op julle val, tot julle ondergang en vernietiging as julle sal toelaat dat hierdie dinge gebeur.

24 Daarom, die Here gebied julle, wanneer julle hierdie dinge onder julle sal sien kom, dat julle sal ontwaak tot ′n besef van julle vreeslike toestand, vanweë hierdie geheime organisasie wat onder julle sal wees; of wee daaroor vanweë die bloed van hulle wat gedood is; want hulle roep uit die stof om wraak daaroor, en ook oor hulle wat dit opgebou het.

25 Want dit gebeur dat wie ook al dit opbou, soek om die [a]vryheid van alle lande omver te werp, nasies en streke; en dit bring die vernietiging van alle volke te weeg, want dit is opgebou deur die duiwel, wat die vader is van alle leuens; en wel daardie selfde leuenaar wat ons eerste ouers [b]bedrieg het, ja, en wel daardie selfde leuenaar wat die mens laat moord pleeg het vanaf die begin, wat die harte van mense verhard het sodat hulle die profete vermoor het, en hulle gestenig het, en hulle uitgewerp het vanaf die begin.

26 Daarom, ek, Moroni, word gebied om hierdie dinge te skrywe sodat die bose weggedoen mag word, en sodat die tyd mag kom dat Satan [a]geen mag sal hê oor die harte van die kinders van mense nie, maar dat hulle [b]oorreed mag word om gedurigdeur goed te doen, sodat hulle mag kom na die fontein van alle regverdigheid en gered word.

21 *a* Hel. 6:28.
22 *a* Morm. 8:27, 40–41.
*b* GS Wraak.
23 *a* 1 Ne. 22:22–23; Moses 6:15.
25 *a* GS Vry, Vryheid.
*b* Gén. 3:1–13; 2 Ne. 9:9; Mosia 16:3; Moses 4:5–19.
26 *a* 1 Ne. 22:26.
*b* 2 Ne. 33:4; Moro. 7:12–17.

## HOOFSTUK 9

*Die koninkryk gaan oor van een na die ander deur oorerwing, gekonkel, en moord—Emer het die Seun van Regverdigheid gesien—Baie profete roep tot bekering—'n Hongersnood en giftige slange teister die volk.*

En nou gaan ek, Moroni, voort met my kroniek. Daarom, kyk, dit het gebeur dat as gevolg van die [a]geheime organisasies van Akis en sy vriende, kyk, het hulle die koninkryk van Omer omvergewerp.

2 Nogtans, die Here was barmhartig teenoor Omer, en ook jeens sy seuns en jeens sy dogters wat nie sy vernietiging gesoek het nie.

3 En die Here het vir Omer gewaarsku in 'n droom dat hy moes vertrek uit die land; daarom het Omer vertrek uit die land met sy gesin, en het baie dae gereis, en het oorgekom en verby die heuwel van [a]Sim gekom, en het oorgekom by die plek [b]waar die Nefiete vernietig was, en vandaar af ooswaarts, en het by 'n plek gekom wat Ablom genoem is, aan die seekus, en daar het hy sy tent opgeslaan, en ook sy seuns en sy dogters, en sy hele huishouding, behalwe Jered en sy gesin.

4 En dit het gebeur dat Jered as koning gesalf is oor die volk, deur die hand van boosheid; en hy het vir Akis sy dogter as vrou gegee.

5 En dit het gebeur dat Akis die lewe gesoek het van sy skoonvader; en hy het by diegene aangeklop wat hy die eed van die mense van die voortyd laat sweer het, en hulle het die hoof van sy skoonvader verkry, terwyl hy op sy troon gesit het, terwyl hy sy volk te woord gestaan het.

6 Want so groot was die verspreiding van hierdie goddelose en geheime organisasie, dat dit die harte verlei het van die hele volk; daarom is Jered vermoor op sy troon en Akis het in sy plek geheers.

7 En dit het gebeur dat Akis jaloers geword het op sy seun, daarom het hy hom toegesluit in die gevangenis, en hom op min of geen kos gehou totdat hy die dood gely het.

8 En nou, die broer van die een wat die dood gely het (en sy naam was Nimra) was toornig op sy vader oor dit wat sy vader aan sy broer gedoen het.

9 En dit het gebeur dat Nimra 'n klein getal manne bymekaargemaak het, en gevlug het uit die land, en oorgekom en by Omer gebly het.

10 En dit het gebeur dat Akis ander seuns verwek het, en hulle het die harte van die volk gewen, nieteenstaande hulle tot hom gesweer het om allerlei ongeregtighede te doen volgens dit wat hy verlang het.

11 Nou was die volk van Akis begerig om gewin te verkry, net soos Akis begerig was om mag; daarom, die seuns van Akis het vir hulle geld aangebied,

**9** 1*a* Ether 8:13–17. 3*a* Morm. 1:3; 4:23. *b* Morm. 6:1–15.

waardeur hulle die grootste deel van die volk aangelok het agter hulle aan.

12 En daar het ′n oorlog begin tussen die seuns van Akis en Akis, wat vir ′n tydperk van baie jare geduur het, ja, tot die vernietiging van byna al die mense in die koninkryk, ja, en wel almal behalwe dertig siele, en hulle wat gevlug het met die huis van Omer.

13 Daarom, Omer is weer herstel in die land van sy erfenis.

14 En dit het gebeur dat Omer oud begin word het; nogtans, in sy hoë ouderdom het hy Emer verwek; en hy het vir Emer gesalf om koning te wees om in sy plek te heers.

15 En nadat hy Emer as koning gesalf het, het hy vrede in die land gesien vir ′n tydperk van twee jaar, en hy het gesterf, nadat hy uitermate baie dae gesien het, wat vol droefheid was. En dit het gebeur dat Emer in sy plek geheers het, en die voetspore van sy vader gevolg het.

16 En die Here het weer begin om die vloek van die land weg te neem, en die huis van Emer het uitermate voorspoedig geword onder die heerskappy van Emer; en binne ′n tydperk van twee en sestig jaar het hulle uitermate sterk geword, tot so ′n mate dat hulle baie ryk geword het—

17 En hulle het alle soorte vrugte gehad, en graan, en systowwe, en fyn linne, en goud, en silwer en kosbare dinge;

18 En ook allerlei soorte vee, osse, en koeie, en skape, en varke, en bokke en ook baie ander soorte diere wat nuttig was as voedsel vir die mens.

19 En hulle het ook [a]perde gehad, en esels, en daar was olifante en kureloms en kumoms; almal wat nuttig was vir die mens, en meer spesifiek die olifante en die kureloms en kumoms.

20 En so het die Here sy seëninge uitgestort oor hierdie land, wat [a]uitverkore was bo alle ander lande; en Hy het gebied dat wie ook al die land sou besit, dit sou besit tot die Here, of hulle sou [b]vernietig word wanneer hulle ryp geword het in ongeregtigheid; want oor diesulkes, sê die Here: Ek sal die volheid van my toorn uitstort.

21 En Emer het in regverdigheid oordeel gevel al sy dae, en hy het baie seuns en dogters verwek; en hy het Coriantum verwek, en hy het vir Coriantum gesalf om in sy plek te heers.

22 En nadat hy vir Coriantum gesalf het om in sy plek te heers, het hy vier jaar gelewe, en hy het vrede gesien in die land; ja, en hy het selfs die [a]Seun van Regverdigheid gesien, en het hom verheug en geroem in sy dag; en hy het in vrede gesterf.

23 En dit het gebeur dat Coriantum gewandel het in die

19*a* 1 Ne. 18:25.
20*a* Ether 2:15.
*b* Ether 2:8–11.
22*a* 3 Ne. 25:2.

voetspore van sy vader, en het baie magtige stede gebou, en het dit voorsien wat goed was vir sy volk in al sy dae. En dit het gebeur dat hy geen kinders gehad het nie, totdat hy uitermate oud was.

24 En dit het gebeur dat sy vrou gesterwe het toe sy een honderd en twee jaar oud was. En dit het gebeur dat Coriantum vir hom ′n vrou geneem het, op sy oudag, ′n jong meisie, en het seuns en dogters verwek; daarom het hy gelewe tot hy honderd twee en veertig jaar oud was.

25 En dit het gebeur dat hy Com verwek het, en Com het in sy plek geheers; en hy het nege en veertig jaar geheers, en hy het Het verwek; en hy het ook ander seuns en dogters verwek.

26 En die volk het weer oor die hele aangesig van die land versprei, en daar het weer ′n uitermate groot boosheid begin wees oor die aangesig van die land, en Het het weer begin om die geheime planne van ouds aan te neem, om sy vader te vernietig.

27 En dit het gebeur dat hy sy vader onttroon het, want hy het hom gedood met sy eie swaard; en hy het in sy plek heers.

28 En daar het weer profete in die land gekom, en bekering tot hulle geroep—dat hulle die weg van die Here moes berei, of daar sou ′n vloek kom oor die aangesig van die land; ja, daar sou naamlik ′n groot hongersnood wees, waardeur hulle vernietig sou word as hulle nie bekeer nie.

29 Maar die volk het nie die woorde geglo van die profete nie, maar hulle het hulle uitgewerp; en sommige van hulle het hulle in putte gegooi en hulle gelaat om te vergaan. En dit het gebeur dat hulle al hierdie dinge gedoen het volgens die bevel van die koning, Het.

30 En dit het gebeur dat daar ′n groot hongersnood begin kom het oor die land, en die inwoners het begin om uitermate gou vernietig te word vanweë die hongersnood, want daar was geen reën op die aangesig van die aarde nie.

31 En daar het giftige slange uitgekom ook op die aangesig van die land, en het baie mense vergiftig. En dit het gebeur dat hulle kuddes begin het om te vlug voor die giftige slange na die land suidwaarts, wat genoem is deur die Nefiete, [a]Zarahemla.

32 En dit het gebeur dat daar baie van hulle was wat omgekom het langs die pad; nogtans, daar was sommiges wat gevlug het na die land suidwaarts.

33 En dit het gebeur dat die Here die [a]slange hulle nie meer laat agtervolg het nie, maar dat hulle die pad moes versper sodat die volk nie kon verbygaan nie, sodat wie ook al sou probeer om verby te kom, mag beswyk as gevolg van die giftige slange.

34 En dit het gebeur dat die volk die spoor van die diere gevolg het,

31*a* Omni 1:13.
33*a* Núm. 21:6–9.

en die karkasse verorber het van
hulle wat langs die pad omgekom
het, totdat hulle hul almal veror-
ber het. Nou toe die volk sien dat
hulle moes vergaan, het hulle be-
gin om te [a]bekeer van hulle onge-
regtighede en tot die Here te roep.
35 En dit het gebeur dat toe
hulle hul voldoende [a]verootmoe-
dig het voor die Here, het Hy reën
gestuur oor die aangesig van die
aarde; en die volk het weer begin
om te herlewe, en daar het begin
om vrugte te wees in die noorde-
like lande, en in al die lande rond-
omheen. En die Here het sy krag
getoon aan hulle deur hulle te be-
waar van hongersnood.

## HOOFSTUK 10

*Een koning volg ʼn ander op—Sommige van die konings is regverdig; ander is boos—Wanneer regverdigheid heers, word die volk geseën en voorspoedig gemaak deur die Here.*

En dit het gebeur dat Sez, wat
ʼn afstammeling was van Het—
want Het het omgekom deur die
hongersnood, en sy hele huishou-
ding, behalwe Sez—daarom het
Sez weer begin om ʼn gebroke
volk op te bou.
2 En dit het gebeur dat Sez die
vernietiging van sy vaders ont-
hou het, en hy het ʼn regverdige
koninkryk opgebou; want hy het
onthou wat die Here gedoen het
toe Hy Jered en sy broer [a]oor die
dieptes gebring het; en hy het in
die weë van die Here gewandel;
en hy het seuns en dogters ver-
wek.
3 En sy oudste seun, wie se
naam Sez was, het teen hom gere-
belleer; nogtans, Sez is getref deur
die hand van ʼn rower, vanweë sy
uitermate rykdomme, wat weer
vrede gebring het vir sy vader.
4 En dit het gebeur dat sy va-
der baie stede opgebou het op
die aangesig van die land, en die
volk het weer begin om versprei
te word oor die hele aangesig van
die land. En Sez het gelewe tot ʼn
uitermate hoë ouderdom; en hy
het Riplakis verwek. En hy het ge-
sterwe, en Riplakis het geheers in
sy plek.
5 En dit het gebeur dat Riplakis
nie dit gedoen het wat reg was in
die oë van die Here nie, want hy
het baie vroue en [a]byvroue gehad,
en hy het dít gelê op die skou-
ers van die mense wat swaar was
om te verdra; ja, hy het hulle be-
las met swaar belastings; en met
die belastings het hy baie ruim ge-
boue gebou.
6 En hy het vir hom ʼn uiter-
mate mooi troon opgerig; en hy
het baie gevangenisse gebou, en
wie ook al hul nie wou onder-
werp aan belastings nie, het hy
in die gevangenis gewerp; en wie
ook al nie in staat was om belas-
ting te betaal nie, het hy in die ge-
vangenis gewerp; en hy het hulle
voortdurend laat arbei vir hulle
onderhoud; en wie ook al geweier

34*a* Alma 34:34; L&V 101:8.
35*a* L&V 5:24.
**10** 2*a* Ether 6:1–12.
5*a* Jakob 3:5; Mosia 11:2.

het om te arbei, het hy laat doodmaak.

7 Daarom het hy al sy keurige werk verkry, ja, naamlik sy suiwer goud het hy laat raffineer in die gevangenis; en alle soorte fyn vakmanskap het hy laat bewerk in die gevangenis. En dit het gebeur dat hy die volk verdruk het met sy hoererye en gruwels.

8 En toe hy geheers het vir ′n tydperk van twee en veertig jaar, het die volk opgestaan in rebellie teen hom; en daar het weer oorlog in die land begin, insoverre dat Riplakis gedood is, en sy afstammelinge is verdryf uit die land.

9 En dit het gebeur dat na ′n tydperk van baie jare het Morianton, (hy wat ′n afstammeling van Riplakis was), ′n leër van uitgeworpenes bymekaar gemaak en uitgegaan om die volk die stryd aan te sê; en hy het mag verkry oor baie stede; en die oorlog het uitermate hewig geword en het geduur vir ′n tydperk van baie jare; en hy het mag verkry oor die hele land, en het homself gevestig as koning oor die hele land.

10 En nadat hy homself gevestig het as koning, het hy die volk se las verlig, waardeur hy guns verkry het in die oë van die volk, en hulle het hom gesalf om hulle koning te wees.

11 En hy het geregtigheid bewys aan die volk, maar nie aan homself nie vanweë sy baie hoererye; daarom is hy afgesny van die teenwoordigheid van die Here.

12 En dit het gebeur dat Morianton baie stede opgebou het, en die volk het uitermate ryk geword onder sy heerskappy, beide in geboue, en in goud en silwer, en om graan te kweek, en in kleinvee, en grootvee, en sodanige dinge wat herstel was aan hulle.

13 En Morianton het geleef tot ′n uitermate hoë ouderdom, en toe het hy Kim verwek; en Kim het in die plek van sy vader geheers; en hy het agt jaar geheers, en sy vader het gesterf. En dit het gebeur dat Kim nie in regverdigheid geheers het nie, daarom is hy nie begunstig deur die Here nie.

14 En sy broer het in rebellie teen hom opgestaan, waardeur hy hom in slawerny gebring het; en hy het in slawerny gebly al sy dae; en hy het seuns en dogters verwek in slawerny, en op sy oudag het hy Levi verwek; en hy het gesterwe.

15 En dit het gebeur dat Levi in gevangenskap gedien het na die dood van sy vader, vir ′n tydperk van twee en veertig jaar. En hy het oorlog gevoer teen die koning van die land, waardeur hy vir homself die koningskap verkry het.

16 En nadat hy vir homself die koningskap verkry het, het hy dit gedoen wat reg was in die oë van die Here, en die volk was voorspoedig in die land; en hy het geleef tot ′n goeie ouderdom en het seuns en dogters verwek; en hy het ook vir Corom verwek, vir wie hy as koning gesalf het in sy plek.

17 En dit het gebeur dat Corom

dit gedoen het wat goed was in die oë van die Here al sy dae; en hy het baie seuns en dogters verwek; en nadat hy baie dae gesien het, het hy gesterwe, net soos die res van die aarde; en Kis het in sy plek geheers.

18 En dit het gebeur dat Kis ook gesterwe het, en Lib het in sy plek geheers.

19 En dit het gebeur dat Lib ook dit gedoen het wat goed was in die oë van die Here. En in die dae van Lib is die [a]giftige slange vernietig. Daarom het hulle die land suidwaarts ingegaan, om te jag vir voedsel vir die volk van die land, want die land was oortrek van die diere van die bos. En Lib het self ook ʼn groot jagter geword.

20 En hulle het ʼn groot stad gebou by die smal strook land naby die plek waar die see die land verdeel.

21 En hulle het die land suidwaarts bewaar as ʼn wildernis, om wild te verkry. En die hele aangesig van die land noordwaarts was oortrek met inwoners.

22 En hulle was uitermate vlytig, en hulle het gekoop en verkoop en handel gedryf met mekaar, sodat hulle wins mag verkry.

23 En hulle het gewerk met allerlei soorte erts, en hulle het goud gemaak, en silwer, en [a]yster, en brons, en allerlei soorte metale; en hulle het dit uit die aarde gegrawe; daarom, hulle het groot hope grond opgehoop om erts te kry, van goud, en van silwer, en van yster, en van koper. En hulle het alle soorte keurige werk bewerk.

24 En hulle het sy gehad, en fyngeweefde linne; en hulle het allerlei soorte materiaal bewerk, sodat hulle hulself kon klee om hulle naaktheid te bedek.

25 En hulle het allerlei soorte gereedskap gemaak om die aarde te bewerk, beide om te ploeg en te saai, te maai en te skoffel, en ook om te dors.

26 En hulle het allerlei soorte gereedskap gemaak waarmee hulle hul diere laat werk het.

27 En hulle het allerlei soorte wapens van oorlog gemaak. En hulle het allerlei soorte werk verrig van uitermate noukeurige vakmanskap.

28 En nooit kon ʼn volk meer geseënd gewees het as wat hulle was nie, en meer voorspoedig gemaak deur die hand van die Here. En hulle was in ʼn land wat uitverkore was bo alle lande, want die Here het dit gespreek.

29 En dit het gebeur dat Lib baie jare gelewe het, en seuns en dogters verwek het; en hy het ook Heartom verwek.

30 En dit het gebeur dat Heartom in die plek van sy vader geheers het. En toe Heartom vier en twintig jaar geheers het, kyk, is die koninkryk van hom weggeneem. En hy het baie jare in slawerny gedien, ja, en wel die res van sy dae.

19*a* Ether 9:31.

23*a* 2 Ne. 5:15.

31 En hy het Het verwek, en
Het het in slawerny gewoon, al
sy dae. En Het het Aäron verwek,
en Aäron het in slawerny gebly al
sy dae; en hy het Amnigadda ver-
wek, en Amnigadda het ook in
slawerny gebly al sy dae; en hy
het Coriantum verwek, en Cori-
antum het in slawerny gebly al sy
dae; en hy het Com verwek.

32 En dit het gebeur dat Com
die helfte van die koninkryk ag-
ter hom aangelok het. En hy het
geheers oor die helfte van die ko-
ninkryk twee en veertig jaar; en
hy het opgegaan om te veg teen
die koning, Amgid, en hulle het
geveg vir ′n tydperk van baie
jare, gedurende welke tyd Com
die mag verkry het oor Amgid,
en mag verkry het oor die res van
die koninkryk.

33 En in die dae van Com het
daar rowers begin wees in die
land; en hulle het die ou planne
aangeneem, en het [a]ede afgelê vol-
gens die wyse van die mense van
die voortyd, en het weer gesoek
om die koninkryk te vernietig.

34 Nou, Com het baie teen hulle
geveg; nogtans, hy kon hulle nie
oorwin nie.

## HOOFSTUK 11

*Oorloë, onenighede en boosheid oorheers die Jereditiese lewe—Profete voorspel die algehele vernietiging van die Jerediete tensy hulle bekeer—Die volk verwerp die woorde van die profete.*

En daar het ook in die dae van
Com baie profete gekom, en ge-
profeteer van die vernietiging van
daardie groot volk, tensy hulle
sou bekeer, en na die Here keer,
en hul moorde en goddeloosheid
versaak.

2 En dit het gebeur dat die pro-
fete verwerp is deur die volk, en
hulle het gevlug na Com vir be-
skerming, want die volk het ge-
soek om hulle te vernietig.

3 En hulle het vir Com baie
dinge geprofeteer; en hy is geseën
gedurende die res van sy dae.

4 En hy het geleef tot ′n goeie
ouderdom, en Sjiblom verwek; en
Sjiblom het geheers in sy plek. En
die broer van Sjiblom het gerebel-
leer teen hom, en daar het ′n ui-
termate groot oorlog ontstaan in
die hele land.

5 En dit het gebeur dat die broer
van Sjiblom al die profete wat ge-
profeteer het van die vernietiging
van die volk, laat doodmaak het;

6 En daar was groot onheil in
die hele land, want hulle het ge-
tuig dat ′n groot vloek op die land
sou kom, en ook op die volk, en
dat daar ′n groot vernietiging
sou wees onder hulle, soos wat
daar nog nooit was op die aan-
gesig van die aarde nie, en hulle
beendere sou word soos [a]hope
grond op die aangesig van die
land, tensy hulle sou bekeer van
hul boosheid.

7 En hulle het nie ag geslaan op
die stem van die Here nie, van-
weë hulle goddelose organisasies;

33*a* GS Eed; Geheime Organisasies.

**11** 6*a* Omni 1:22; Ether 14:21.

daarom het oorloë en twiste begin ontstaan in die hele land, en ook baie hongersnode en pestilensies, in soverre dat daar ′n groot vernietiging was, soos wat nooit tevore geken was op die aangesig van die aarde nie; en dit alles het gebeur in die dae van Sjiblom.

8 En die volk het begin om te bekeer van hulle ongeregtigheid; en in soverre hulle dit gedoen het, het die Here [a]barmhartigheid gehad jeens hulle.

9 En dit het gebeur dat Sjiblom gedood is, en Set is in slawerny gebring, en het in slawerny gebly al sy dae.

10 En dit het gebeur dat Aha, sy seun, die koninkryk verkry het; en hy het oor die volk geheers al sy dae. En hy het allerlei ongeregtighede gedoen in sy dae, waardeur hy die vergieting van baie bloed veroorsaak het; en min was sy dae.

11 En Etem, omdat hy ′n afstammeling was van Aha, het die koninkryk verkry; en hy het ook dít gedoen wat boos was in sy dae.

12 En dit het gebeur dat in die dae van Etem het daar baie profete gekom, en het weer geprofeteer vir die volk; ja, hulle het geprofeteer dat die Here hulle heeltemal sou vernietig van die aangesig van die aarde tensy hulle bekeer van hul ongeregtighede.

13 En dit het gebeur dat die volk hulle harte verhard het, en wou nie [a]ag slaan op hulle woorde nie; en die profete het getreur en hulle onttrek van onder die volk.

14 En dit het gebeur dat Etem oordeel gevel het in boosheid al sy dae; en hy het Moron verwek. En dit het gebeur dat Moron geheers het in sy plek; en Moron het dit gedoen wat boos was voor die Here.

15 En dit het gebeur dat daar ′n [a]rebellie ontstaan het onder die volk, vanweë daardie geheime organisasie wat opgebou is om mag en gewin te verkry; en daar het ′n magtige man opgestaan onder hulle in ongeregtigheid, en het Moron die stryd aangesê, waarin hy die helfte van die koninkryk omvergewerp het; en hy het die helfte van die koninkryk behou vir baie jare.

16 En dit het gebeur dat Moron hom omvergewerp het, en weer die koningskap verkry het.

17 En dit het gebeur dat daar ′n ander magtige man opgestaan het; en hy was ′n afstammeling van die broer van Jered.

18 En dit het gebeur dat hy Moron omvergewerp en die koninkryk verkry het; daarom, Moron het in slawerny gebly die res van sy dae; en hy het Coriantor verwek.

19 En dit het gebeur dat Coriantor in slawerny gebly het al sy dae.

20 En in die dae van Coriantor het daar ook baie profete gekom,

8*a* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
13*a* Mosia 16:2.
15*a* GS Rebellie.

en geprofeteer van groot en wonderbaarlike dinge, en bekering geroep tot die volk, en tensy hulle sou bekeer, sou die Here God [a]oordeel vel oor hulle tot hulle algehele vernietiging;
21 En dat die Here God 'n [a]ander volk sou stuur of voortbring om die land te besit, deur sy krag, op dieselfde wyse waarop Hy hulle vaders gebring het.
22 En hulle het al die woorde verwerp van die profete, vanweë hulle geheime organisasies en goddelose gruwels.
23 En dit het gebeur dat Coriantor [a]Ether verwek het, en hy het gesterf, nadat hy in slawerny gebly het al sy dae.

## HOOFSTUK 12

*Die profeet Ether vermaan die volk om in God te glo—Moroni vertel van die wondere en wonderbaarlikhede wat verrig is deur geloof—Geloof het die broer van Jered in staat gestel om Christus te sien—Die Here gee aan die mens swakheid sodat hulle nederig mag wees—Die broer van Jered het Berg Serin verskuif deur geloof—Geloof, hoop, en naasteliefde is noodsaaklik vir heil—Moroni het Jesus gesien van aangesig tot aangesig.*

En dit het gebeur dat die dae van Ether in die dae van Coriantumr was; en [a]Coriantumr was koning oor die hele land.
2 En [a]Ether was 'n profeet van die Here; daarom het Ether uitgekom in die dae van Coriantumr, en het begin om vir die volk te profeteer, want hy kon nie [b]gekeer word nie, vanweë die Gees van die Here wat in hom was.
3 Want hy het [a]uitgeroep van die oggend tot die ondergaan van die son, en die volk vermaan om in God te glo tot bekering anders sou hulle [b]vernietig word, en aan hulle gesê dat deur [c]geloof word alle dinge vervul—
4 Daarom, wie ook al in God glo mag met sekerheid [a]hoop op 'n beter wêreld, ja, en wel 'n plek aan die regterhand van God, welke hoop kom van geloof, en 'n [b]anker maak vir die siele van mense, wat hulle sterk en standvastig sal maak, en altyd [c]goeie werke doen, wat gelei word om God te [d]verheerlik.
5 En dit het gebeur dat Ether groot en wonderbaarlike dinge geprofeteer het vir die volk, wat hulle nie geglo het nie, omdat hulle hul nie gesien het nie.
6 En nou ek, Moroni, wil ietwat spreek aangaande hierdie dinge; ek wil aan die wêreld toon dat [a]geloof dinge is waarop [b]gehoop word en [c]nie gesien word nie; daarom, twyfel nie omdat julle

20*a* GS Regter, Oordeel.
21*a* Ether 13:20–21.
23*a* Ether 1:6; 15:33–34.
**12** 1*a* Ether 13:13–31.
2*a* GS Ether.
*b* Jer. 20:9; Enos 1:26; Alma 43:1.
3*a* L&V 112:5.
*b* Ether 11:12, 20–22.
*c* GS Geloof, Glo.
4*a* GS Hoop.
*b* Hebr. 6:19.
*c* 1 Kor. 15:58.
*d* 3 Ne. 12:16.
6*a* Hebr. 11:1.
*b* Rom. 8:24–25.
*c* Alma 32:21.

nie sien nie, want julle ontvang geen getuienis tot ná die [d]beproewing van julle geloof nie.

7 Want dit was deur geloof dat Christus Hom aan ons vaders getoon het, nadat Hy opgestaan het uit die dood; en Hy het Hom nie getoon aan hulle tot nadat hulle geloof gehad het in Hom nie; daarom, dit moet noodwendig wees dat sommige geloof gehad het in Hom, want Hy het Homself nie getoon aan die wêreld nie.

8 Maar vanweë die geloof van die mens het Hy Homself aan die wêreld getoon, en die Naam van die Vader verheerlik, en ʼn weg berei sodat andere daardeur deelgenote kan wees van die hemelse gawe, sodat hulle mag hoop op daardie dinge wat hulle nie gesien het nie.

9 Daarom, mag julle ook hoop hê, en deelgenote wees van die gawe, as julle net geloof het.

10 Kyk, dit was deur geloof dat hulle van ouds [a]geroep is volgens die heilige orde van God.

11 Daarom, deur geloof is die wet van Moses gegee. Maar in die gawe van sy Seun het God ʼn [a]uitnemender weg berei; en dit is deur geloof dat dit vervul is.

12 Want as daar geen [a]geloof is onder die kinders van mense nie, kan God geen [b]wonderwerk verrig onder hulle nie; daarom, Hy het Homself nie getoon tot ná hulle geloof nie.

13 Kyk, dit was die geloof van Alma en Amulek wat die [a]gevangenis laat intuimel het op die aarde.

14 Kyk, dit was die geloof van Nefi en Lehi wat die verandering onder die Lamaniete [a]bewerkstellig het, dat hulle gedoop is met vuur en met die [b]Heilige Gees.

15 Kyk, dit was die geloof van [a]Ammon en sy broers wat so ʼn groot wonderwerk [b]verrig het onder die Lamaniete.

16 Ja, en wel hulle almal wat [a]wonderwerke verrig het, het hulle verrig deur [b]geloof, selfs hulle wat voor Christus was, en ook hulle wat daarna was.

17 En dit was deur geloof dat die drie dissipels ʼn belofte verkry het dat hulle [a]nie die dood sou smaak nie; en hulle het nie die belofte verkry tot ná hulle geloof nie.

18 En nóg op enige tyd het enigeen wonderwerke verrig tot ná hulle geloof; daarom het hulle eers geglo in die Seun van God.

19 En daar was baie wie se geloof só uitermate sterk was, selfs [a]voordat Christus gekom het, wat nie teruggehou kon word van

6*d* 3 Ne. 26:11; L&V 105:19; 121:7–8.
10*a* Alma 13:3–4. GS Roep, Geroepe van God, Roeping.
11*a* 1 Kor. 12:31.
12*a* 2 Ne. 27:23; Mosia 8:18; Moro. 7:37; L&V 35:8–11.
*b* Matt. 13:58; Morm. 9:20.
13*a* Alma 14:26–29.
14*a* Hel. 5:50–52.
*b* Hel. 5:45; 3 Ne. 9:20.
15*a* Alma 17:29–39.
*b* DI soos vertel in Alma 17–26.
16*a* GS Wonderwerk.
*b* Hebr. 11:7–40.
17*a* 3 Ne. 28:7; Morm. 8:10–12.
19*a* 2 Ne. 11:1–4; Jakob 4:4–5; Jarom 1:11; Alma 25:15–16.

binne die [b]sluier nie, maar werklik met hulle eie oë die dinge gesien het wat hulle aanskou het met ′n oog van geloof, en hulle was bly.

20 En kyk, ons het gesien in hierdie kroniek dat een van hulle die broer van Jered was; want só groot was sy geloof in God, dat toe God sy [a]vinger uitgesteek het, Hy dit nie kon verberg van die sig van die broer van Jered nie, vanweë sy woord wat Hy met hom gespreek het, welke woord hy verkry het deur geloof.

21 En nadat die broer van Jered die vinger van die Here gesien het, vanweë die [a]belofte wat die broer van Jered deur geloof verkry het, kon die Here nie enigiets weerhou van sy sig nie; daarom het Hy hom alle dinge getoon, want hy kon nie langer buite die [b]sluier gehou word nie.

22 En dit is deur geloof dat my vaders die [a]belofte verkry het dat hierdie dinge na hulle broers sou kom deur die nie-Jode; daarom het die Here my gebied, ja, naamlik Jesus Christus.

23 En ek het aan Hom gesê: Here, die nie-Jode sal spot met hierdie dinge, vanweë ons [a]swakheid om te skryf; want Here, U het ons [b]magtig gemaak in die woord deur geloof, maar U het ons nie magtig gemaak om te skryf nie; want U het hierdie hele volk gemaak sodat hulle veel kon spreek, vanweë die Heilige Gees wat U hulle gegee het;

24 En U het ons gemaak sodat ons maar min kon skryf, vanweë die onbeholpenheid van ons hande. Kyk, U het ons nie magtig gemaak in [a]skryf soos die broer van Jered nie, want U het hom gemaak sodat die dinge wat hy geskryf het magtig was net soos U, tot die oorweldiging van die mens om hulle te lees.

25 U het ook ons woorde kragtig en groot gemaak, tot so ′n mate dat ons hulle nie kan skryf nie; daarom, wanneer ons skryf, sien ons ons swakheid, en struikel vanweë die plasing van ons woorde; en ek vrees dat die nie-Jode sal [a]spot met ons woorde.

26 En toe ek dit gesê het, het die Here met my gespreek, en gesê: Dwase [a]spot, maar hulle sal treur; en my genade is voldoende vir die sagmoediges, sodat hulle nie misbruik sal maak van julle swakheid nie;

27 En as mense na My kom, sal Ek aan hulle hul [a]swakheid toon. Ek [b]gee aan mense swakheid sodat hulle nederig mag wees; en my [c]genade is genoeg vir alle mense wat hulleself [d]verootmoedig voor

19 *b* Ether 3:6.
GS Sluier.
20 *a* Ether 3:4.
21 *a* Ether 3:25–26.
*b* Ether 3:20;
L&V 67:10–13.
22 *a* Enos 1:13.
23 *a* Morm. 8:17; 9:33.
*b* 2 Ne. 33:1.
24 *a* GS Taal.
25 *a* 1 Kor. 2:14.
26 *a* Gal. 6:7.
27 *a* Jakob 4:7.
*b* Ex. 4:11;
1 Kor. 1:27.
*c* GS Genade.
*d* Lk. 18:10–14;
L&V 1:28.
GS Nederig,
Nederigheid.

My; want as hulle hulself verootmoedig voor My, en geloof het in My, dan sal Ek [e]swak dinge sterk laat word vir hulle.

28 Kyk, Ek sal aan die nie-Jode hulle swakheid toon, en Ek sal aan hulle toon dat [a]geloof, hoop, en naasteliefde hulle na My toe bring—die fontein van alle regverdigheid.

29 En ek, Moroni, nadat ek hierdie woorde gehoor het, was getroos, en het gesê: O Here, laat U regverdige wil geskied, want ek weet dat U met die kinders van mense werk volgens hulle geloof;

30 Want die broer van Jered het aan die berg Serin gesê: [a]Gaan weg—en dit het weggegaan. En as hy nie geloof gehad het nie, sou dit nie beweeg het nie; daarom, U werk nadat die mens geloof het.

31 Want so het U Uself getoon aan u dissipels; want nadat hulle [a]geloof gehad het, en in u Naam gespreek het, het U Uself getoon aan hulle met groot krag.

32 En ek onthou ook dat U gesê het dat U ʼn woning berei het vir die mens, ja, en wel onder die [a]wonings van u Vader, waarin die mens ʼn uitnemender [b]hoop mag hê; daarom moet die mens hoop, of hy kan nie ʼn erfenis ontvang in die plek wat U berei het nie.

33 En verder, ek onthou dat U gesê het dat U die wêreld [a]liefgehad het, tot die neerlegging van U lewe vir die wêreld, dat U dit weer mag opneem om ʼn plek te berei vir die kinders van mense.

34 En nou weet ek dat hierdie [a]liefde wat U gehad het vir die kinders van mense, naasteliefde is; daarom, tensy die mens naasteliefde het, kan hulle nie daardie plek beërwe wat U berei het in die wonings van u Vader nie.

35 Daarom, ek weet weens hierdie ding wat U gesê het, dat as die nie-Jode nie naasteliefde het nie, vanweë ons swakheid, dat U hulle sal beproef, en hulle [a]talent wegneem, ja, en wel dit wat hulle ontvang het, en aan hulle gee wat meer oorvloedig sal hê.

36 En dit het gebeur dat ek gebid het tot die Here sodat Hy aan die nie-Jode [a]genade sal gee, dat hulle naasteliefde mag hê.

37 En dit het gebeur dat die Here aan my gesê het: As hulle nie naasteliefde het nie, maak dit nie vir jou saak nie, jy was getrou; daarom, jou kleding sal [a]gereinig word. En omdat jy jou [b]swakheid gesien het, sal jy sterk gemaak word, totdat jy kan sit in die plek wat Ek berei het in die wonings van my Vader.

38 En nou ek, Moroni, sê vaarwel aan die nie-Jode, ja, en ook aan my

27 *e* Lk. 9:46–48; 2 Kor. 12:9.
28 *a* 1 Kor. 13; Moro. 7:39–47.
30 *a* Matt. 17:20; Jakob 4:6; Hel. 10:6, 9. GS Krag.
31 *a* GS Geloof, Glo.
32 *a* Joh. 14:2; Enos 1:27; L&V 72:4; 98:18.
*b* GS Hoop.
33 *a* Joh. 3:16–17.
34 *a* Moro. 7:47. GS Liefde; Naasteliefde.
35 *a* Matt. 25:14–30. GS Gawe; Talent.
36 *a* GS Genade.
37 *a* L&V 38:42; 88:74–75; 135:4–5.
*b* Ether 12:27.

broers vir wie ek liefhet, totdat ons
sal ontmoet voor die [a]regterstoel
van Christus, waar alle mense sal
weet dat my [b]kleding nie bevlek is
met julle bloed nie.
39 En dan sal julle weet dat ek
Jesus [a]gesien het, en dat Hy met
my gespreek het van [b]aangesig tot
aangesig, en dat Hy my in duide-
like ootmoed vertel het, net soos
'n mens 'n ander vertel, in my eie
taal aangaande hierdie dinge;
40 En slegs 'n paar dinge het ek
geskryf vanweë my swakheid om
te skryf.
41 En nou, ek wil julle vermaan
om hierdie Jesus te [a]soek van wie
die profete en die apostels ge-
skryf het, sodat die genade van
God die Vader, en ook die Here
Jesus Christus, en die Heilige
Gees, wat [b]getuig van hulle, met
julle mag wees en in julle bly vir
ewig. Amen.

## HOOFSTUK 13

*Ether spreek van 'n Nuwe Jerusalem wat gebou sal word in Amerika deur die saad van Josef—Hy profeteer, word uitgewerp, skryf die Jereditiese geskiedenis en voorspel die vernietiging van die Jerediete—Oorlog woed in die hele land.*

En nou ek, Moroni, gaan voort
om my kroniek te voltooi aan-
gaande die vernietiging van die
volk van wie ek besig was om te
skrywe.
2 Want kyk, hulle het al die
woorde van Ether verwerp; want
hy het hulle waarlik vertel van
alle dinge, vanaf die begin van die
mens; en dat nadat die waters [a]te-
ruggetrek het vanaf die aangesig
van hierdie land, het dit 'n uitver-
kore land geword, bo alle ander
lande, 'n uitverkore land van die
Here; daarom wou die Here hê dat
alle mense Hom moet [b]dien wat
woon op die aangesig daarvan.
3 En dat dit die plek was van die
[a]Nuwe Jerusalem, wat sou [b]neer-
daal uit die hemel, en die gewyde
heiligdom van die Here.
4 Kyk, Ether het die dae van
Christus gesien, en hy het ge-
spreek aangaande 'n [a]Nuwe Je-
rusalem op hierdie land.
5 En hy het ook gespreek aan-
gaande die huis van Israel, en die
[a]Jerusalem waarvandaan [b]Lehi
sou kom—nadat dit vernietig
sou word, sou dit weer opgebou
word, 'n [c]heilige stad vir die Here;
daarom, dit kon nie 'n nuwe Je-
rusalem wees nie, want dit was
uit die ou tyd; maar dit sou weer
opgebou word, en 'n heilige stad
word vir die Here; en dit sou ge-
bou word vir die huis van Israel.

38 *a* GS Jesus Christus—Regter.
*b* Jakob 1:19.
39 *a* GS Jesus Christus—Nadoodse verskynings van Christus.
*b* Gén. 32:30; Ex. 33:11.
41 *a* L&V 88:63; 101:38.
*b* 3 Ne. 11:32.
**13** 2 *a* Gén. 7:11–24; 8:3.
*b* Ether 2:8.
3 *a* 3 Ne. 20:22; 21:23–24. GS Nuwe Jerusalem.
*b* Openb. 3:12; 21:2.
4 *a* GS Sion.
5 *a* GS Jerusalem.
*b* 1 Ne. 1:18–20.
*c* Openb. 21:10; 3 Ne. 20:29–36.

6 En dat 'n [a]Nuwe Jerusalem gebou sou word op hierdie land, vir die oorblyfsel van die saad van [b]Josef, van welke dinge daar 'n [c]voorafskaduwing was.

7 Want net soos Josef sy vader afgebring het na die land [a]Egipte, net so het hy daar gesterwe; daarom, die Here het 'n oorblyfsel van die saad van Josef uit die land Jerusalem gebring, sodat Hy barmhartig mag wees teenoor die saad van Josef, sodat hulle nie sou [b]omkom nie, net soos Hy barmhartig was teenoor die vader van Josef sodat hy nie sou omkom nie.

8 Daarom, die oorblyfsel van die huis van Josef sal gebou word op hierdie [a]land; en dit sal 'n land van hulle erfenis wees; en hulle sal 'n heilige stad vir die Here bou, soos die Jerusalem van ouds; en hulle sal [b]nie meer vermeng word, totdat die einde kom, wanneer die aarde sal verbygaan nie.

9 En daar sal 'n [a]nuwe hemel en 'n nuwe aarde wees; en hulle sal wees soos die oue, behalwe dat die oue verbygegaan het, en alle dinge nuut geword het.

10 En dan kom die Nuwe Jerusalem; en geseënd is hulle wat daarin woon, want dit is hulle wie se kleding [a]wit is deur die bloed van die Lam; en dit is hulle wat gereken word onder die oorblyfsel van die saad van Josef, wat van die huis van Israel was.

11 En dan ook kom die Jerusalem van ouds; en die inwoners daarvan, geseënd is hulle, want hulle is gewas deur die bloed van die Lam; en dit is hulle wat verstrooi was en [a]teruggebring is uit die vier hoeke van die aarde, en van die [b]noordelike lande, en deelgenote is van die vervulling van die verbond wat God gesluit het met hulle vader, [c]Abraham.

12 En wanneer hierdie dinge kom, word die skriftuur vervul wat sê; daar is hulle wat [a]eerste was, wat laaste sal wees; en daar is hulle wat laaste was, wat eerste sal wees.

13 En ek was op die punt om meer te skrywe, maar ek word verbied; maar groot en wonderbaarlik was die profesieë van Ether; maar hulle het hom as niks beskou nie, en het hom uitgewerp; en hy het hom versteek in die holte van 'n rots bedags, en snags het hy uitgegaan en die dinge aanskou wat oor die volk sou kom.

14 En terwyl hy in die holte van 'n rots gebly het, het hy die res van hierdie kroniek geskryf, terwyl hy die vernietiging aanskou

6*a* L&V 42:9; 45:66–67; 84:2–5; Gel. Art. 1:10.
*b* GS Josef, Seun van Jakob.
*c* Alma 46:24. GS Simbolisme.
7*a* Gén. 46:2–7; 47:6.
*b* 2 Ne. 3:5.
8*a* GS Beloofde Land.
*b* Moro. 10:31.
9*a* 2 Petr. 3:10–13; Openb. 21:1; 3 Ne. 26:3; L&V 101:23–25.
10*a* Openb. 7:14; 1 Ne. 12:10–11; Alma 5:27.
11*a* GS Israel—Die versameling van Israel.
*b* L&V 133:26–35.
*c* GS Abraham, Verbond van.
12*a* Mark. 10:31; 1 Ne. 13:42; Jakob 5:63; L&V 90:9.

het wat oor die volk gekom het in die nag.

15 En dit het gebeur dat in daardie selfde jaar waarin hy uitgewerp is onder die volk, het daar ′n groot oorlog begin ontstaan onder die volk, want daar was baie wat opgestaan het, wat magtige mans was, en wat gesoek het om Coriantumr te vernietig deur hulle geheime planne van boosheid, waarvan gespreek is.

16 En nou Coriantumr, wat self gestudeer het in al die kunste van oorlog en al die listigheid van die wêreld, daarom het hy hulle die stryd aangesê wat gesoek het om hom te vernietig.

17 Maar hy het nie bekeer nie, ook nie sy skone seuns en dogters nie; ook nie die skone seuns en dogters van Cohor nie; ook nie die skone seuns en dogters van Corihor nie; en kortom, daar was geen van die skone seuns en dogters op die aangesig van die hele aarde, wat bekeer het van hulle sondes nie.

18 Daarom, dit het gebeur dat in die eerste jaar wat Ether in die holte van ′n rots gebly het, was daar baie mense wat gedood is deur die swaard van daardie [a]geheime organisasies, terwyl hulle geveg het teen Coriantumr sodat hulle die koninkryk mag verkry.

19 En dit het gebeur dat die seuns van Coriantumr baie geveg en baie gebloei het.

20 En in die tweede jaar het die woord van die Here tot Ether gekom, dat hy moes gaan en profeteer vir [a]Coriantumr dat, as hy sou bekeer, en sy hele huishouding, sou die Here aan hom sy koninkryk gee en die volk spaar—

21 Anders sou hulle vernietig word, en sy hele huishouding behalwe hyself. En hy sou slegs lewe om die vervulling van die profesieë te sien wat gespreek is aangaande ′n [a]ander volk wat die land sou ontvang vir hulle erfenis; en Coriantumr sou begrawe word deur hulle; en elke siel sou vernietig word behalwe [b]Coriantumr.

22 En dit het gebeur dat Coriantumr nie bekeer het nie, nóg sy huishouding, nóg die volk; en die oorloë het nie opgehou nie; en hulle het gesoek om Ether dood te maak, maar hy het voor hulle uitgevlug en het weer in die holte van die rots geskuil.

23 En dit het gebeur dat Sared opgestaan het, en hy het ook vir Coriantumr die stryd aangesê; en hy het hom verslaan, in soverre dat hy hom in die derde jaar in slawerny gebring het.

24 En die seuns van Coriantumr, in die vierde jaar, het vir Sared verslaan, en het weer die koninkryk vir hulle vader verkry.

25 Nou het daar ′n oorlog begin ontstaan op die hele aangesig van die land, en elke man het met sy bende geveg vir dit wat hy begeer het.

26 En daar was rowers, en

18*a* Ether 8:9–26.
20*a* Ether 12:1–2.
21*a* Omni 1:19–21; Ether 11:21.
*b* Ether 15:29–32.

kortom, allerlei booshede op die hele aangesig van die land.

27 En dit het gebeur dat Coriantumr uitermate toornig was op Sared, en hy het teen hom opgetrek met sy leërs in die stryd; en hulle het in groot toorn bymekaargekom; en hulle het bymekaargekom in die dal van Gilgal; en die stryd het uitermate hewig geword.

28 En dit het gebeur dat Sared geveg het teen hom vir ʼn tydperk van drie dae. En dit het gebeur dat Coriantumr hom verslaan het, en hom agternagesit het totdat hy op die vlaktes van Heslon gekom het.

29 En dit het gebeur dat Sared hom weer die stryd aangesê het op die vlaktes; en kyk, hy het vir Coriantumr verslaan, en het hom weer teruggedryf na die dal van Gilgal.

30 En Coriantumr het vir Sared weer die stryd aangesê in die dal van Gilgal, waarin hy vir Sared verslaan het en hom doodgemaak het.

31 En Sared het vir Coriantumr in sy dy gewond, sodat hy nie weer opgegaan het in die stryd vir ʼn tydperk van twee jaar nie, gedurende welke tyd die hele volk op die aangesig van die land bloed vergiet het, en daar was niemand om hulle te keer nie.

## HOOFSTUK 14

*Die ongeregtigheid van die volk bring ʼn vloek oor die land—Coriantumr voer oorlog teen Gílead, dan Lib, en dan Siz—Bloed en slagting bedek die land.*

EN nou het daar ʼn groot [a]vloek oor die hele land begin ontstaan vanweë die ongeregtigheid van die volk; tot so ʼn mate, as ʼn man sy gereedskap of sy swaard op sy rak sou neersit, of op die plek waar hy dit wil hou, kyk, die volgende dag, kon hy dit nie vind nie, so groot was die vloek oor die land.

2 Daarom het elke man vasgeklou aan dit wat sy eie was, met sy hande, en wou nie leen nie, nóg wou hy uitleen; en elke man het die hef van sy swaard in sy regterhand gehou, ter verdediging van sy besittings en sy eie lewe en van sy vroue en kinders.

3 En nou, na ʼn tydperk van twee jaar, en na die dood van Sared, kyk, het die broer van Sared opgestaan, en hy het Coriantumr die stryd aangesê, waarin Coriantumr hom verslaan het en hom agternagesit het tot die wildernis van Akis.

4 En dit het gebeur dat die broer van Sared hom die stryd aangesê het in die wildernis van Akis; en die stryd het uitermate hewig geword, en baie duisende het geval deur die swaard.

5 En dit het gebeur dat Coriantumr die wildernis beleër het; en die broer van Sared het gedurende die nag uit die wildernis gemarsjeer, en het ʼn deel van die

**14** 1*a* Hel. 12:18; 13:17–23; Morm. 1:17–18; 2:10–14.

leër van Coriantumr gedood terwyl hulle dronk was.

6 En hy het uitgekom na die land Moron, en homself op die troon van Coriantumr geplaas.

7 En dit het gebeur dat Coriantumr met sy leër in die wildernis gebly het vir ′n tydperk van twee jaar, waarin hy groot versterkings vir sy leër gekry het.

8 Nou die broer van Sared, wie se naam Gílead was, het ook groot versterkings gekry vir sy leër, vanweë geheime organisasies.

9 En dit het gebeur dat sy hoëpriester hom vermoor het terwyl hy op sy troon gesit het.

10 En dit het gebeur dat iemand van die geheime organisasies hom vermoor het in ′n geheime deurgang, en vir homself die koninkryk verkry het; en sy naam was Lib; en Lib was ′n man van groot gestalte, groter as enige ander man onder die hele volk.

11 En dit het gebeur dat in die eerste jaar van Lib, het Coriantumr opgekom na die land Moron en vir Lib die stryd aangesê.

12 En dit het gebeur dat hy geveg het met Lib, waarin Lib hom geslaan het op sy arm sodat hy gewond was; nogtans, die leër van Coriantumr het vorentoe gebeur na Lib, sodat hy gevlug het na die grense by die seekus.

13 En dit het gebeur dat Coriantumr hom agternagesit het; en Lib het hom die stryd aangesê by die seekus.

14 En dit het gebeur dat Lib die leër van Coriantumr verslaan het, dat hulle weer na die wildernis van Akis gevlug het.

15 En dit het gebeur dat Lib hom agternagesit het totdat hy gekom het by die vlakte van Agos. En Coriantumr het die hele volk met hom geneem toe hy gevlug het voor Lib in daardie deel van die land waarheen hy gevlug het.

16 En toe hy by die vlaktes van Agos gekom het, het hy vir Lib die stryd aangesê, en hy het hom geslaan totdat hy gesterf het; nogtans, die broer van Lib het teen Coriantumr gekom in die plek van Lib; en die stryd het uitermate hewig geword, waarvan Coriantumr weer gevlug het voor die leër van die broer van Lib.

17 Nou, die naam van die broer van Lib was Siz. En dit het gebeur dat Siz vir Coriantumr agternagesit het, en hy het baie stede verower, en hy het beide vroue en kinders gedood, en hy het die stede verbrand.

18 En daar het ′n vrees vir Siz uitgegaan dwarsdeur die hele land; ja, ′n geroep het uitgegaan deur die land—Wie kan staan voor die leër van Siz? Kyk, hy vee die aarde voor hom!

19 En dit het gebeur dat die volk begin het om in leërs bymekaar te kom, dwarsoor die hele aangesig van die land.

20 En hulle is verdeel; en ′n deel van hulle het gevlug na die leër van Siz, en ′n deel van hulle het gevlug na die leër van Coriantumr.

21 En so groot en langdurig was die oorlog, en so lank was die toneel van bloedvergieting en slagting, dat die hele aangesig van die land bedek was deur die [a]liggame van die dooies.

22 En so kort en haastig was die oorlog dat daar niemand oor was om die dooies te begrawe nie, maar hulle het gemarsjeer van die vergieting van bloed na die vergieting van bloed, en die liggame van beide manne, vroue en kinders verstrooid gelaat oor die aangesig van die land, om 'n prooi te word vir die [a]wurms van die vlees.

23 En die reuk daarvan het uitgegaan oor die aangesig van die land, ja, en wel oor die hele aangesig van die land; daarom is die volk gekwel bedags en snags vanweë die reuk daarvan.

24 Nogtans, Siz het nie opgehou om vir Coriantumr agterna te sit nie; want hy het gesweer om homself te wreek op Coriantumr vir die bloed van sy broer, wat gedood is, en die woord van die Here wat tot Ether gekom het dat Coriantumr nie sou val deur die swaard nie.

25 En so sien ons dat die Here hulle besoek het in die volheid van sy toorn, en hulle boosheid, en gruwels het 'n weg berei vir hulle ewigdurende vernietiging.

26 En dit het gebeur dat Siz vir Coriantumr ooswaarts agternagesit het, so ver as die grense van die seekus, en daar het hy Siz die stryd aangesê vir 'n tydperk van drie dae.

27 En so vreeslik was die vernietiging onder die leërs van Siz, dat die volk begin het om bang te word, en begin het om te vlug voor die leërs van Coriantumr; en hulle het gevlug na die land Corihor, en die inwoners weggevee voor hulle, en al diegene wat nie wou aansluit by hulle nie.

28 En hulle het hul tente opgeslaan in die dal van Corihor; en Coriantumr het sy tente opgeslaan in die dal van Sur. Nou, die dal van Sur was naby die heuwel Comnor; daarom, Coriantumr het sy leërs bymekaar gemaak op die heuwel Comnor; en hy het 'n trompet geblaas vir die leërs van Siz om hulle uit te daag tot die stryd.

29 En dit het gebeur dat hulle uitgekom het, maar is weer verdrywe; en hulle het die tweede keer gekom, en hulle is weer verdrywe die tweede keer. En dit het gebeur dat hulle weer die derde keer gekom het, en die stryd het uitermate hewig geword.

30 En dit het gebeur dat Siz vir Coriantumr geslaan het sodat hy hom baie diep wonde gegee het; en Coriantumr, omdat hy sy bloed verloor het, het flou geword, en is weggedra asof hy dood was.

31 Nou, die verlies aan manne, vroue en kinders aan beide kante was so groot dat Siz sy manne beveel het dat hulle nie die leërs van

21 *a* Ether 11:6.

22 *a* Jes. 14:9–11.

Coriantumr moes agternasit nie, daarom het hulle teruggekeer na hul kamp.

## HOOFSTUK 15

*Miljoene Jerediete word gedood in die stryd—Siz en Coriantumr vergader die hele volk vir 'n dodelike stryd—Die Gees van die Here hou op om met hulle te werk—Die Jereditiese nasie word totaal vernietig—Net Coriantumr bly oor.*

En dit het gebeur toe Coriantumr herstel het van sy wonde, het hy begin om die [a]woorde te onthou wat Ether met hom gespreek het.

2 Hy het gesien dat daar alreeds byna twee miljoen van sy volk gedood is deur die swaard, en hy het begin om te treur in sy hart; ja, daar is twee miljoen magtige manne gedood, en ook hulle vroue en hul kinders.

3 Hy het begin om te bekeer van die boosheid wat hy gedoen het; hy het begin om die woorde te onthou wat gespreek is by monde van al die profete, en hy het hulle gesien dat hulle vervul is tot dusver, elke gedeelte; en sy siel het getreur en het geweier om getroos te word.

4 En dit het gebeur dat hy 'n brief aan Siz geskryf het om hom te vra om die volk te spaar, en hy sou die koninkryk prysgee ter wille van die lewens van die volk.

5 En dit het gebeur dat toe Siz sy brief ontvang het, het hy 'n brief geskryf aan Coriantumr, dat as hy homself sou oorgee, sodat hy hom mag dood met sy eie swaard, dat hy die lewens sou spaar van die volk.

6 En dit het gebeur dat die volk nie bekeer het van hulle ongeregtigheid nie; en die volk van Coriantumr was opgestook tot toorn teen die volk van Siz; en die volk van Siz is opgestook tot toorn teen die volk van Coriantumr; daarom, die volk van Siz het die volk van Coriantumr die stryd aangesê.

7 En toe Coriantumr sien dat hy op die punt was om te val, het hy weer gevlug voor die volk van Siz.

8 En dit het gebeur dat hy gekom het by die waters van Ripliancum, wat, as dit vertolk word, groot beteken, of om alles te oortref; daarom, toe hulle by hierdie waters gekom het, het hulle hul tente opgeslaan; en Siz het ook sy tente opgeslaan naby hulle; en daarom op die volgende dag het hulle die stryd begin.

9 En dit het gebeur dat hulle 'n uitermate hewige stryd geveg het, waarin Coriantumr weer gewond is, en hy het flou geword weens die verlies van bloed.

10 En dit het gebeur dat die leërs van Coriantumr die leërs van Siz só hewig aangeval het dat hulle hul verslaan het, sodat hulle hul voor hulle laat vlug het; en hulle het suidwaarts gevlug, en het hul tente opgeslaan op 'n plek wat Ogat genoem was.

**15** 1*a* Ether 13:20–21.

11 En dit het gebeur dat die leër van Coriantumr hulle tente opgeslaan het by die heuwel Rama; en dit was dieselfde heuwel waar my vader Mormon die kronieke [a]weggebêre het tot die Here, wat heilig was.

12 En dit het gebeur dat hulle die hele volk bymekaargemaak het oor die hele aangesig van die land, wat nie gedood is nie, behalwe Ether.

13 En dit het gebeur dat Ether al die handelinge gesien het van die volk; en hy het gesien dat die volk wat vir Coriantumr was, bymekaargekom het met die leërs van Coriantumr; en die volk wat vir Siz was, het bymekaargekom met die leërs van Siz.

14 Daarom, hulle was besig vir ′n tydperk van vier jaar om die volk bymekaar te maak, sodat hulle almal mag kry wat op die aangesig van die land was, en sodat hulle al die versterkings mag kry wat moontlik was om te kry.

15 En dit het gebeur dat toe hulle almal bymekaar was, elkeen met die leër waar hy wou wees, met hulle vroue en hulle kinders—beide manne, vroue en kinders wat bewapen was met wapens van oorlog, en skilde gehad het, en [a]borsplate, en helms, en gekleed was volgens die wyse van oorlog—het hulle uitgemarsjeer die een teen die ander in die stryd; en hulle het geveg daardie hele dag, en het nie oorwin nie.

16 En dit het gebeur dat toe dit nag was, was hulle moeg, en het teruggetrek na hul kampe; en nadat hulle teruggetrek het na hulle kampe, het hulle begin huil en weeklaag oor die verlies van die gesneuweldes van hulle volk, en so groot was hulle geroep, hulle gehuil en geweeklag, dat hulle die lug uitermate verskeur het.

17 En dit het gebeur dat hulle die volgende dag weer gaan veg het, en groot en verskriklik was daardie dag; nogtans, hulle het nie oorwin nie, en toe dit weer nag word het hulle die lug verskeur met hulle geroep, en hulle gehuil, en hulle geweeklag, oor die verlies van die gesneuweldes van hulle volk.

18 En dit het gebeur dat Coriantumr weer ′n brief geskryf het aan Siz, om te vra dat hy nie weer tot die stryd moes oorgaan nie, maar dat hy die koninkryk moes neem, en die lewens spaar van die volk.

19 Maar kyk, die Gees van die Here het opgehou om met hulle te werk, en [a]Satan het volle mag oor die harte van die volk gehad; want hulle is oorgegee aan die hardheid van hulle harte, en die blindheid van hulle verstand sodat hulle vernietig mag word; daarom het hulle weer tot die stryd oorgegaan.

20 En dit het gebeur dat hulle daardie hele dag geveg het, en toe dit nag word, het hulle op hul swaarde geslaap.

11*a* Morm. 6:6. | 15*a* Mosia 8:7–10. | 19*a* GS Duiwel.

21 En op die volgende dag het hulle geveg tot dit nag geword het.

22 En toe dit nag geword het, was hulle [a]dronk van toorn, net soos ′n man wat dronk is van wyn; en hulle het weer op hul swaarde geslaap.

23 En op die volgende dag het hulle weer geveg; en toe dit nag geword het, het almal deur die swaard geval behalwe twee en vyftig van die volk van Coriantumr, en nege en sestig van die volk van Siz.

24 En dit het gebeur dat hulle geslaap het op hulle swaarde daardie nag, en die volgende dag het hulle weer geveg, en hulle het geveg met hulle mag met hulle swaarde en met hulle skilde, daardie hele dag.

25 En toe dit nag geword het, was daar twee en dertig van die volk van Siz, en sewe en twintig van die volk van Coriantumr.

26 En dit het gebeur dat hulle geëet en geslaap het, en voorberei het op die dood die volgende dag. En hulle was groot en magtige manne wat betref die krag van manne.

27 En dit het gebeur dat hulle vir ′n tydperk van drie ure geveg het, en hulle het flou geword weens die verlies van bloed.

28 En dit het gebeur dat toe die manne van Coriantumr voldoende krag ontvang het sodat hulle kon loop, was hulle op die punt om te vlug vir hulle lewens; maar kyk, Siz het opgestaan, en ook sy manne, en hy het in sy toorn gesweer dat hy Coriantumr sou doodmaak of hy sou omkom deur die swaard.

29 Daarom, hy het hulle agternagesit, en op die volgende dag het hy hulle ingehaal; en hulle het weer geveg met die swaard. En dit het gebeur dat nadat hulle [a]almal geval het deur die swaard, behalwe vir Coriantumr en Siz, kyk, Siz het flou geword weens die verlies van bloed.

30 En dit het gebeur dat toe Coriantumr op sy swaard geleun het, sodat hy ′n bietjie kon rus, het hy die kop van Siz afgekap.

31 En dit het gebeur dat nadat hy die kop van Siz afgekap het, het Siz hom opgelig op sy hande en geval; en nadat hy geworstel het om asem, het hy gesterf.

32 En dit het gebeur dat [a]Coriantumr neergeval het op die grond, en geword het asof hy geen lewe gehad het nie.

33 En die Here het met Ether gespreek, en aan hom gesê: Gaan heen. En hy het heengegaan, en gesien dat die woorde van die Here almal vervul was; en hy het sy [a]kroniek voltooi (en die honderdste gedeelte het ek nie geskrywe nie); en hy het hulle weggebêre op ′n wyse dat die volk van Limhi hulle gevind het.

34 Nou, die laaste woorde wat

22*a* Moro. 9:23.
29*a* Ether 13:20–21.
32*a* Omni 1:20–22.
33*a* Mosia 8:9; Alma 37:21–31; Ether 1:1–5.

geskryf is deur [a]Ether, is hierdie: Of die Here wil dat ek getransformeer word, of dat ek die wil van die Here ondergaan in die vlees, dit maak nie saak nie, as dit so is dat ek gered is in die koninkryk van God. Amen.

# DIE BOEK VAN MORONI

## HOOFSTUK 1

*Moroni skryf tot voordeel van die Lamaniete—Die Nefiete wat nie Christus sal loën nie, word doodgemaak. Ongeveer 401–421 n.C.*

NOU ek, [a]Moroni, nadat ek 'n einde gemaak het met die verkorting van die verslag van die volk van Jered, het ek veronderstel om nie meer te geskryf het nie, maar ek het nog nie omgekom nie; en ek maak myself nie bekend aan die Lamaniete nie, uit vrees dat hulle my sou vernietig.

2 Want kyk, hulle [a]oorloë is uitermate fel onder hulleself; en vanweë hul haat, [b]maak hulle elke Nefiet dood wat nie die Christus sal loën nie.

3 En ek, Moroni, sal nie die Christus [a]loën nie; daarom, ek dwaal waar ook al ek kan vir die veiligheid van my eie lewe.

4 Daarom, ek skryf nog 'n paar dinge, in teenstelling met dit wat ek veronderstel het; want ek het veronderstel om nie meer te skryf nie; maar ek skryf nog 'n paar dinge meer, sodat hulle miskien van waarde mag wees vir my broers, die Lamaniete, in een of ander toekomstige tyd, volgens die wil van die Here.

## HOOFSTUK 2

*Jesus het die twaalf Nefitiese dissipels mag gegee om die gawe van die Heilige Gees toe te ken. Ongeveer 401–421 n.C.*

DIE woorde van Christus, wat Hy met sy [a]dissipels gespreek het, die twaalf wat Hy gekies het, toe Hy sy hande op hulle gelê het—

2 En Hy het hulle by die naam genoem, en gesê: Julle sal die Vader aanroep in my Naam, in magtige gebed; en nadat julle dit gedoen het, sal julle [a]mag hê dat aan hom op wie julle jul [b]hande sal lê, [c]julle die Heilige Gees sal gee; en in my Naam sal julle dit gee, want aldus doen my apostels.

3 Nou het Christus hierdie

34*a* Ether 12:2.

[MORONI]
**1** 1*a* GS Moroni, Seun van Mormon.
2*a* 1 Ne. 12:20–23.
*b* Alma 45:14.
3*a* Matt. 10:32–33; 3 Ne. 29:5.
**2** 1*a* 3 Ne. 13:25.
2*a* GS Krag.
*b* GS Hande, Oplegging van.
*c* 3 Ne. 18:37.

woorde gespreek met hulle ten tyde van sy eerste verskyning; en die skare het dit nie gehoor nie, maar die dissipels het dit gehoor; en op soveel as wat hulle die hande [a]gelê het, het die Heilige Gees geval.

## HOOFSTUK 3

*Ouderlinge ordineer priesters en leraars deur die oplegging van hande. Ongeveer 401–421 n.C.*

DIE wyse waarop die dissipels, wat genoem is die [a]ouderlinge van die kerk, priesters en leraars [b]geordineer het—

2 Nadat hulle tot die Vader gebid het in die Naam van Christus, het hulle hul hande op hulle gelê, en gesê:

3 In die Naam van Jesus Christus ordineer ek u om ʼn priester te wees (of, as hy ʼn leraar is, ordineer ek u om ʼn leraar te wees) om bekering te preek en [a]vergifnis van sondes deur Jesus Christus, deur die volharding in die geloof in sy Naam tot die einde. Amen.

4 En volgens hierdie wyse het hulle priesters en leraars [a]geordineer, volgens die [b]gawes en roepinge van God aan die mens; en hulle het hulle geordineer deur die [c]krag van die Heilige Gees, wat in hulle was.

## HOOFSTUK 4

*Hoe ouderlinge en priesters die nagmaalsbrood bedien, word uiteengesit. Ongeveer 401–421 n.C.*

DIE [a]wyse waarop hulle [b]ouderlinge en priesters die vlees en bloed van Christus aan die kerk [c]bedien; en hulle het dit bedien volgens die gebooie van Christus; daarom weet ons dat dié wyse juis is; en die ouderling of priester het dit bedien—

2 En hulle het neergekniel saam met die kerk, en gebid tot die Vader in die Naam van Christus, en gesê:

3 O God, die Ewige Vader, ons vra U in die naam van u Seun, Jesus Christus, om hierdie [a]brood te seën en te heilig aan die siele van al diegene wat daarvan gebruik; dat hulle mag eet [b]ter gedagtenis aan die liggaam van u Seun, en getuig voor U, o God, die Ewige Vader, dat hulle gewillig is om op hulle die [c]naam van u Seun te neem, en Hom altyd te onthou en sy gebooie te onderhou wat Hy hulle gegee het, sodat hulle altyd sy [d]Gees mag hê om met hulle te wees. Amen.

## HOOFSTUK 5

*Die wyse waarop die nagmaalswyn*

2 3*a* Hand. 19:6.
**3** 1*a* Alma 6:1. GS Ouderling.
*b* GS Ordineer, Ordinering.
3*a* GS Vergifnis van Sondes.
4*a* L&V 18:32; 20:60.
*b* GS Gawe.
*c* 1 Ne. 13:37; Moro. 6:9.
**4** 1*a* 3 Ne. 18:1–7.
*b* GS Ouderling.
*c* L&V 20:76–77.
3*a* GS Nagmaal.
*b* Lk. 22:19; 1 Kor. 11:23–24; 3 Ne. 18:7.
*c* GS Jesus Christus—Om die Naam van Jesus Christus op ons te neem.
*d* GS Heilige Gees.

*bedien word, word uiteengesit. Ongeveer 401–421 n.C.*

DIE [a]wyse waarop die wyn be-
dien word—Kyk, hulle het die
beker geneem, en gesê:
2 O God, die Ewige Vader, ons
vra U, in die naam van u Seun,
Jesus Christus, om hierdie [a]wyn te
seën en te heilig aan die siele van
al diegene wat daarvan drink, dat
hulle dit mag doen [b]ter gedagte-
nis aan die bloed van u Seun, wat
vir hulle gestort is; dat hulle mag
getuig voor U, o God, die Ewige
Vader, dat hulle Hom altyd ont-
hou, sodat hulle sy Gees mag hê
om met hulle te wees. Amen.

## HOOFSTUK 6

*Bekeerde persone word gedoop en as deelgenote ontvang—Kerklede wat bekeer, word vergewe—Vergaderings word gelei deur die mag van die Heilige Gees. Ongeveer 401–421 n.C.*

EN nou spreek ek aangaande die
[a]doop. Kyk, ouderlinge, priesters,
en leraars is gedoop; en hulle is
nie gedoop nie tensy hulle ge-
paste vrugte voortgebring het dat
hulle dit [b]waardig was nie.
2 Ook het hulle niemand aan-
vaar vir die doop nie, tensy hulle
gekom het met 'n [a]gebroke hart en
'n verslae gees, en getuig het aan
die kerk dat hulle waarlik bekeer
het van al hulle sondes.
3 En niemand is aanvaar vir die
doop nie tensy hulle op hulle die
Naam van Christus [a]geneem het,
en 'n vasberadenheid gehad het
om Hom te dien tot die einde
toe.
4 En nadat hulle aanvaar is vir
die doop, en beïnvloed en [a]gerei-
nig is deur die mag van die Hei-
lige Gees, is hulle gereken onder
die volk van die kerk van Chris-
tus; en hul [b]name is geneem, so-
dat hulle onthou en gevoed mag
word deur die goeie woord van
God, om hulle te hou op die regte
weg, om hulle gedurig [c]waak-
saam te hou in gebed, terwyl
hulle alleenlik [d]staatmaak op die
verdienste van Christus, wat die
[e]oorsprong en voleinder van hul
geloof is.
5 En die [a]kerk het [b]dikwels by-
mekaargekom, om te [c]vas en te
bid, en om met mekaar te spreek
aangaande die welsyn van hulle
siele.
6 En hulle het dikwels byme-
kaargekom om van die brood en
die wyn te gebruik, ter gedagte-
nis aan die Here Jesus.
7 En hulle was streng om daarop

**5** 1*a* 3 Ne. 18:8–11; L&V 20:78–79.
2*a* L&V 27:2–4. GS Nagmaal.
*b* Lk. 22:19–20; 1 Kor. 11:25.
**6** 1*a* GS Doop.
*b* GS Waardig, Waardigheid.
2*a* GS Gebroke Hart.
3*a* GS Jesus Christus—Om die Naam van Jesus Christus op ons te neem.
4*a* GS Suiwer, Suiwerheid.
*b* L&V 20:82.
*c* Alma 34:39; 3 Ne. 18:15–18.
*d* 2 Ne. 31:19; L&V 3:20.
*e* Hebr. 12:2.
5*a* GS Kerk van Jesus Christus.
*b* 3 Ne. 18:22; 4 Ne. 1:12; L&V 88:76.
*c* GS Vas.

te let dat daar [a]geen ongeregtig-
heid sou wees onder hulle nie; en
wie ook al gevind is wat ongereg-
tigheid pleeg, en [b]drie getuies van
die kerk het hulle veroordeel voor
die [c]ouderlinge, en as hulle nie be-
keer het nie, en nie [d]bely het nie,
is hulle name [e]uitgewis, en hulle
is nie gereken onder die volk van
Christus nie.
8 Maar [a]so dikwels as hulle be-
keer het en vergifnis gesoek het,
met opregte bedoeling, is hulle
[b]vergewe.
9 En hulle vergaderings is [a]ge-
lei deur die kerk volgens die wer-
king van die Gees, en deur die
krag van die [b]Heilige Gees; want
soos die mag van die Heilige Gees
hulle gelei het, hetsy om te preek,
of te vermaan, of te bid, of te ver-
soek, of te sing, so is dit gedoen.

## HOOFSTUK 7

*'n Uitnodiging word gerig om die rus van die Here binne te gaan—Bid met opregte bedoeling—Die Gees van Christus stel die mens in staat om goed van kwaad te onderskei—Satan oorreed die mens om Christus te loën en boosheid te doen—Die profete openbaar die koms van Christus—Deur geloof word wonderwerke verrig en engele dien—Die mens moet hoop op die ewige lewe en kleef aan naasteliefde. Ongeveer 401–421 n.C.*

EN nou ek, Moroni, skryf 'n
paar van die woorde van my va-
der, Mormon, wat hy gespreek
het aangaande [a]geloof, hoop en
naasteliefde; want volgens hier-
die wyse het hy met die volk ge-
spreek, terwyl hy hulle geleer het
in die sinagoge wat hulle gebou
het as die plek van aanbidding.
2 En nou ek, Mormon, spreek
met julle, my geliefde broers; en
dit is deur die genade van God
die Vader, en ons Here Jesus
Christus, en sy heilige wil, van-
weë die gawe van sy [a]roeping aan
my, dat ek toegelaat word om met
julle te spreek op hierdie tydstip.
3 Daarom, ek wil met julle
spreek wat van die kerk is, wat
die vreedsame volgelinge van
Christus is, en wat 'n voldoende
hoop verkry het waardeur julle
die [a]rus van die Here kan binne-
gaan, vanaf hierdie tyd voortaan
totdat julle sal rus by Hom in die
hemel.
4 En nou my broers, ek oordeel
hierdie dinge oor julle vanweë jul
vreedsame [a]wandel met die kin-
ders van mense.
5 Want ek onthou die woord
van God wat sê, aan hulle werke
sal julle hulle [a]ken; want as hulle

7 *a* L&V 20:54.
*b* L&V 42:80–81.
GS Getuie.
*c* Alma 6:1.
GS Ouderling.
*d* GS Bely, Belydenis.
*e* Ex. 32:33;
L&V 20:83.
GS Ekskommunikeer.
8 *a* Mosia 26:30–31.
*b* GS Vergewe.
9 *a* L&V 20:45; 46:2.
*b* GS Heilige Gees.
**7** 1 *a* 1 Kor. 13;
Ether 12:3–22, 27–37;
Moro. 8:14; 10:20–23.
2 *a* GS Roep, Geroepe
van God, Roeping.
3 *a* GS Rus.
4 *a* 1 Joh. 2:6;
L&V 19:23.
5 *a* 3 Ne. 14:15–20.

werke goed is, dan is hulle ook goed.

6 Want kyk, God het gesê ′n mens wat [a]boos is, kan nie dit doen wat goed is nie; want as hy ′n gawe offer, of [b]bid tot God, tensy hy dit sal doen met opregte bedoeling, baat dit hom niks nie.

7 Want kyk, dit word hom nie toegereken as geregtigheid nie.

8 Want kyk, as ′n mens wat [a]boos is, ′n gawe gee, doen hy dit [b]onwillig; daarom word dit vir hom toegereken dieselfde asof hy die gawe behou het; daarom word hy as boos beskou voor God.

9 En net so word dit as boosheid vir ′n mens gereken, as hy sal bid maar nie met [a]opregte bedoeling van sy hart nie; ja, en dit baat hom niks, want God ontvang nie sulkes nie.

10 Daarom, ′n mens wat boos is, kan nie dit doen wat goed is nie; nóg sal hy ′n goeie gawe gee.

11 Want kyk, ′n bitter [a]fontein kan nie goeie water voortbring nie; nóg kan ′n goeie fontein bitter water voortbring; daarom, ′n mens wat ′n dienskneg van die duiwel is, kan Christus nie volg nie; en as hy Christus [b]volg, kan hy nie ′n dienskneg van die duiwel wees nie.

12 Daarom, alle dinge wat [a]goed is, kom van God; en dit wat [b]boos is, kom van die duiwel; want die duiwel is ′n vyand van God, en veg teen Hom gedurigdeur, en nooi uit en verlok tot [c]sonde, en om dit te doen wat boos is gedurigdeur.

13 Maar kyk, dit wat van God is, nooi uit en verlok om goed te doen gedurigdeur; daarom, elke ding wat uitnooi en [a]verlok om goed te doen, en om God lief te hê, en Hom te dien, word [b]geïnspireer deur God.

14 Daarom, sien toe, my geliefde broers, dat julle nie oordeel dat dit wat [a]boos is, van God is nie, of dit wat goed is en van God is, om van die duiwel te wees nie.

15 Want kyk, my broers, dit word aan julle gegee om te [a]oordeel, sodat julle goed van kwaad mag onderskei; en die wyse om te oordeel is ewe duidelik, sodat julle mag weet met ′n volmaakte kennis, soos die daglig verskil van die donker nag.

16 Want kyk, die [a]Gees van Christus word gegee aan elke mens, sodat hy goed mag [b]onderskei van kwaad; daarom, ek toon aan julle die wyse om te oordeel; want elke ding wat uitnooi om

6*a* Matt. 7:15–18.
*b* Alma 34:28.
GS Gebed.
8*a* Spr. 15:8.
*b* L&V 64:34.
9*a* Jak. 1:6–7; 5:16;
Moro. 10:4.
11*a* Jak. 3:11–12.
*b* Matt. 6:24;
2 Ne. 31:10–13;
L&V 56:2.
12*a* Jak. 1:17;
1 Joh. 4:1–2;
Ether 4:12.
*b* Alma 5:39–42.
*c* Hel. 6:30.
GS Sonde.
13*a* 2 Ne. 33:4;
Ether 8:26.
*b* GS Inspirasie, Inspireer.
14*a* Jes. 5:20;
2 Ne. 15:20.
15*a* GS Onderskeiding,
Gawe van.
16*a* GS Gewete;
Lig, Lig van Christus.
*b* Gén. 3:5;
2 Ne. 2:5, 18, 26;
Mosia 16:3;
Alma 29:5; Hel. 14:31.

goed te doen, en om te oorreed om te glo in Christus, word uitgestuur deur die krag en gawe van Christus; daarom mag julle weet met ′n volmaakte kennis dat dit van God is.

17 Maar watter ding ook al ′n mens oorreed om [a]boosheid te doen, en nie in Christus te glo nie, en Hom loën, en God nie dien nie, dan mag julle weet met ′n volmaakte kennis dat dit van die duiwel is; want volgens hierdie wyse werk die duiwel, want hy oorreed geen mens om goed te doen nie, nee, nie een nie; nóg sy engele; nóg hulle wat hulle aan hom onderwerp.

18 En nou, my broers, aangesien julle die lig ken waardeur julle mag oordeel, welke lig die [a]lig van Christus is, sorg dat julle nie verkeerdelik oordeel nie; want met daardie selfde [b]oordeel waarmee julle oordeel, sal julle ook geoordeel word.

19 Daarom, ek versoek julle, broers, dat julle ywerig sal soek in die [a]lig van Christus dat julle goed van kwaad mag onderskei; en as julle sal vasgryp aan elke goeie ding, en dit nie veroordeel nie, sal julle sekerlik ′n [b]kind van Christus wees.

20 En nou, my broers, hoe is dit moontlik om vas te gryp aan elke goeie ding?

21 En nou kom ek by daardie geloof, waarvan ek gesê het dat ek sou spreek; en ek sal julle vertel van die wyse waardeur julle mag vasgryp aan elke goeie ding.

22 Want kyk, God [a]weet alle dinge, omdat Hy van ewigdurendheid tot ewigdurendheid is, kyk, Hy het [b]engele gestuur om die kinders van mense te dien, om aangaande die koms van Christus te openbaar; en deur Christus sou elke goeie ding kom.

23 En God het ook verkondig aan profete, deur sy eie mond, dat Christus sou kom.

24 En kyk, daar was verskeie wyses waarop Hy dinge geopenbaar het aan die kinders van mense, wat goed was; en alle dinge wat goed is kom van Christus; anders was die mens [a]gevalle, en kon daar geen goeie ding na hulle kom nie.

25 Daarom, deur die bediening van [a]engele, en deur elke woord wat uitgaan uit die mond van God, het die mens begin om geloof te beoefen in Christus; en so deur geloof, het hulle vasgegryp aan elke goeie ding; en so was dit tot die koms van Christus.

26 En nadat Hy gekom het, is die mens ook gered deur geloof in sy Naam; en deur geloof word hulle die seuns van God. En so sekerlik as Christus lewe het Hy

17*a* GS Sonde.
18*a* Mosia 16:9; L&V 50:24; 88:7–13. GS Lig, Lig van Christus.
*b* JSV Matt. 7:1–2 (Bylae); Lk. 6:37; Joh. 7:24.
19*a* L&V 84:45–46.
*b* Mosia 15:10–12; 27:25. GS Seuns en Dogters van God.
22*a* GS God, Godheid.
*b* Moses 5:58. GS Engele.
24*a* 2 Ne. 2:5.
25*a* Alma 12:28–30.

hierdie woorde met ons vaders gespreek, en gesê: [a]Watter ding ook al julle die Vader sal vra in my Naam, wat goed is, in geloof en glo dat julle sal ontvang, kyk, dit sal vir julle gedoen word.

27 Daarom, my geliefde broers, het [a]wonderwerke opgehou omdat Christus opgevaar het na die hemel, en gaan sit het aan die regterhand van God, om van die Vader sy reg op barmhartigheid te [b]eis wat hy oor die kinders van mense het?

28 Want Hy het voldoen aan die eise van die wet, en Hy maak aanspraak op diegene wat geloof het in Hom; en hulle wat geloof het in Hom, sal [a]vashou aan elke goeie ding; daarom [b]bepleit Hy die saak van die kinders van mense; en Hy woon ewiglik in die hemele.

29 En omdat Hy dit gedoen het, my geliefde broers, het wonderwerke opgehou? Kyk, ek sê vir julle, Nee; nóg het engele opgehou om die kinders van mense te dien.

30 Want kyk, hulle is onderworpe aan Hom, om te dien volgens die woord van sy bevel, en toon hulleself aan hulle met 'n sterk geloof en 'n onwrikbare gees in elke gedaante van godsaligheid.

31 En die amp van hulle bediening is om mense te roep tot bekering, en om te vervul en om die werk te doen van die verbonde van die Vader, wat Hy gesluit het met die kinders van mense, om die weg te berei onder die kinders van mense, deur die woord van Christus te verkondig aan die uitverkore diensknegte van die Here, sodat hulle van Hom mag getuig.

32 En deur so te doen, berei die Here God die weg sodat die res van die mense [a]geloof mag hê in Christus, dat die Heilige Gees plek mag hê in hulle harte, volgens die krag daarvan; en volgens hierdie wyse bring die Vader die verbonde teweeg wat Hy gesluit het met die kinders van mense.

33 En Christus het gesê: [a]As julle geloof in My sal hê, sal julle mag hê om te doen watter ding ook al [b]raadsaam is vir My.

34 En Hy het gesê: [a]Bekeer, al julle eindes van die aarde, en kom na My en word gedoop in my Naam, en glo in My dat julle gered mag word.

35 En nou, my geliefde broers, as dit die geval is dat hierdie dinge waar is wat ek met julle gespreek het, en God aan julle sal toon, met [a]krag en groot heerlikheid op die [b]laaste dag dat hulle waar is, en as hulle waar is, het die dag van wonderwerke opgehou?

36 Of het engele opgehou om

26*a* 3 Ne. 18:20.
GS Gebed.
27*a* GS Wonderwerk.
*b* Jes. 53:12;
Mosia 14:12.
28*a* Rom. 12:9;
L&V 98:11.
*b* 1 Joh. 2:1;
2 Ne. 2:9.
GS Voorspraak.
32*a* GS Geloof, Glo.
33*a* Matt. 17:20.
*b* L&V 88:64–65.
34*a* 3 Ne. 27:20;
Ether 4:18.
35*a* 2 Ne. 33:11.
*b* L&V 35:8.

te verskyn aan die kinders van
mense? Of het Hy die mag van die
Heilige Gees [a]weerhou van hulle?
Of sal Hy, solank as tyd sal be-
staan, of die aarde sal staan, of daar
een mens op die aangesig daarvan
sal wees om gered te word?
37 Kyk, ek sê vir julle, Nee; want
dit is deur [a]geloof dat wonder-
werke verrig word; en dit is deur
geloof dat engele verskyn en die
mense dien; daarom, as hier-
die dinge opgehou het, wee die
kinders van mense, want dit is
vanweë [b]ongeloof, en alles is te-
vergeefs.
38 Want geen mens kan gered
word, volgens die woorde van
Christus nie, tensy hulle geloof
sal hê in sy Naam; daarom, as
hierdie dinge opgehou het, dan
het geloof ook opgehou; en vrees-
lik is die toestand van die mens,
want hulle is asof daar geen ver-
lossing gedoen is nie.
39 Maar kyk, my geliefde broers,
ek oordeel beter dinge van julle,
want ek oordeel dat julle geloof
het in Christus vanweë jul sag-
moedigheid; want as julle nie ge-
loof in Hom het nie, dan is julle
nie [a]geskik om gereken te word
onder die volk van sy kerk nie.
40 En verder, my geliefde broers,
ek wil met julle spreek aangaande
[a]hoop. Hoe is dit dat julle geloof
kan verkry, tensy julle hoop sal
hê?
41 En wat is dit waarvoor julle
sal [a]hoop? Kyk ek sê vir julle dat
julle [b]hoop sal hê deur die ver-
soening van Christus en die krag
van sy opstanding, om opgewek
te word tot die [c]ewige lewe, en dit
vanweë julle geloof in Hom vol-
gens die belofte.
42 Daarom, as 'n mens [a]geloof
het, [b]moet hy noodwendig hoop
hê; want sonder geloof kan daar
geen hoop wees nie.
43 En verder, kyk, ek sê vir julle
dat hy nie geloof en hoop kan hê,
tensy hy [a]sagmoedig en nederig
van hart is nie.
44 Indien wel, is sy [a]geloof en
hoop tevergeefs, want niemand
is aanneemlik voor God nie, be-
halwe die sagmoediges en ne-
deriges van hart; en as 'n man
sagmoedig en nederig van hart
is, en [b]bely deur die mag van
die Heilige Gees dat Jesus die
Christus is, moet hy noodwen-
dig naasteliefde hê; want as hy
nie naasteliefde het nie, is hy niks
nie; daarom moet hy noodwendig
naasteliefde hê.
45 En [a]naasteliefde is lankmoe-
dig, en is vriendelik, en is nie [b]ja-
loers nie, en is nie opgeblase nie,

36 *a* Moro. 10:4–5, 7, 19.
37 *a* Matt. 13:58; Morm. 9:20; Ether 12:12–18.
*b* Moro. 10:19–24.
39 *a* GS Waardig, Waardigheid.
40 *a* Ether 12:4. GS Hoop.
41 *a* L&V 138:14.
*b* Tit. 1:2; Jakob 4:4; Alma 25:16; Moro. 9:25.
*c* GS Ewige Lewe.
42 *a* GS Geloof, Glo.
*b* Moro. 10:20.
43 *a* GS Sagmoedig, Sagmoedigheid.
44 *a* Alma 7:24; Ether 12:28–34.
*b* Lk. 12:8–9. GS Bely, Belydenis; Getuienis.
45 *a* 1 Kor. 13.
*b* GS Afguns.

soek nie haar eie belang nie, word nie gou vertoornd nie, bedink nie die bose nie, en verbly haar nie in ongeregtigheid nie, maar verbly haar in die waarheid, verdra alle dinge, glo alle dinge, hoop alle dinge, verduur alle dinge.

46 Daarom, my geliefde broers, as julle nie naasteliefde het nie, is julle niks, want naasteliefde faal nooit. Daarom, hou vas aan naasteliefde, wat die grootste van alles is, want alle dinge moet faal—

47 Maar [a]naasteliefde is die suiwere [b]liefde van Christus, en dit duur vir ewig; en wie ook al gevind word wat dit besit op die laaste dag, dit sal goed gaan met hom.

48 Daarom, my geliefde broers, [a]bid tot die Vader met al die energie van julle harte, dat julle vervul mag word met hierdie liefde, wat Hy gegee het aan almal wat ware [b]volgelinge is van sy Seun, Jesus Christus; sodat julle die seuns van God mag word; sodat wanneer Hy sal verskyn, ons soos Hy sal [c]wees, want ons sal Hom sien soos Hy is; sodat ons hierdie hoop mag hê; sodat ons [d]gereinig mag word, net soos Hy rein is. Amen.

## HOOFSTUK 8

*Die doop van klein kindertjies is 'n bose gruwel—Klein kindertjies is lewend in Christus vanweë die Versoening—Geloof, bekering, sagmoedigheid en nederigheid van hart, ontvangs van die Heilige Gees, en volharding tot die einde toe, lei na heil. Ongeveer 401–421 n.C.*

'n Brief van my [a]vader Mormon, geskryf aan my, Moroni; en dit is geskryf aan my kort na my roeping tot die bediening. En op hierdie wyse het hy aan my geskryf, en gesê:

2 My geliefde seun, Moroni, ek jubel uitermate dat jou Here Jesus Christus aan jou gedink het, en jou geroep het tot sy bediening, en tot sy heilige werk.

3 Ek dink gedurig aan jou in my gebede, en ek bid gedurig tot God die Vader in die Naam van sy Heilige Kind, Jesus, dat Hy, deur sy eindelose [a]goedheid en [b]genade, jou sal bewaar deur die volharding van geloof in sy Naam tot die einde toe.

4 En nou, my seun, ek spreek met jou aangaande dit wat my uitermate bedroef; want dit bedroef my dat daar [a]twiste sal ontstaan onder julle.

5 Want, as ek die waarheid geleer het, was daar twiste onder julle aangaande die doop van julle klein kindertjies.

6 En nou, my seun, ek wil hê dat julle ywerig moet werk, dat

47 *a* 2 Ne. 26:30. GS Naasteliefde.
*b* Jos. 22:5. GS Liefde.
48 *a* GS Gebed.
*b* GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid; Jesus Christus—Voorbeeld van Jesus Christus.
*c* 1 Joh. 3:1–3; 3 Ne. 27:27.
*d* 3 Ne. 19:28–29. GS Suiwer, Suiwerheid.
**8** 1 *a* WvM 1:1.
3 *a* Mosia 4:11.
*b* GS Genade.
4 *a* 3 Ne. 11:22, 28; 18:34.

hierdie groot fout uitgewis moet word onder julle; want om hierdie rede het ek hierdie brief geskrywe.

7 Want onmiddellik nadat ek hierdie dinge van julle geleer het, het ek by die Here verneem aangaande die saak. En die [a]woord van die Here het tot my gekom deur die mag van die Heilige Gees, en gesê:

8 Slaan ag op die woorde van Christus, julle Verlosser, julle Here en jul God. Kyk, Ek het in die wêreld ingekom, nie om die regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering; die [a]gesondes benodig geen geneesheer nie, maar hulle wat siek is; daarom, klein [b]kindertjies is [c]rein, want hulle is nie in staat om [d]sonde te pleeg nie; daarom word die vloek van [e]Adam weggeneem van hulle in My, dat dit geen mag het oor hulle nie; en die wet van die [f]besnydenis is weggedoen in My.

9 En volgens hierdie wyse het die Heilige Gees die woord van God aan my geopenbaar; daarom, my geliefde seun, ek weet dat dit ʼn ernstige bespotting voor God is dat julle klein kindertjies sou doop.

10 Kyk, ek sê vir julle dat julle hierdie ding sal leer—bekering en doop aan diegene wat [a]toerekenbaar en in staat is om sonde te pleeg; ja, leer ouers dat hulle moet bekeer en gedoop word, en hulleself verootmoedig soos hulle klein [b]kindertjies, en hulle sal almal gered word saam met hulle klein kindertjies.

11 En hulle klein [a]kindertjies het geen bekering nodig nie, nóg die doop. Kyk, die doop is tot bekering ter vervulling van die gebooie tot die [b]vergifnis van sondes.

12 Maar klein [a]kindertjies is lewend in Christus, vanaf die grondlegging van die wêreld; as dit nie so is nie, is God ʼn partydige God, en ook ʼn veranderlike God, en ʼn [b]aannemer van persone; want hoeveel klein kindertjies het gesterwe sonder die doop!

13 Daarom, as klein kindertjies nie gered kon word sonder die doop nie, moes diesulkes gegaan het na ʼn eindelose hel.

14 Kyk, ek sê vir julle, dat hy wat veronderstel dat klein kindertjies die doop nodig het, is in die gal van bitterheid en in die bande van ongeregtigheid, want hy het nóg [a]geloof, hoop, nóg naasteliefde; daarom, as hy afgesny sou word

7*a* GS Woord van God.
8*a* Mark. 2:17.
*b* Mark. 10:13–16.
*c* Mosia 3:16; L&V 74:7.
*d* GS Sonde.
*e* 2 Ne. 2:25–27. GS Val van Adam en Eva.
*f* Gén. 17:10–11. GS Besnydenis.
10*a* GS Toerekenbaar, Toerekenbaarheid.
*b* GS Kind, Kinders; Nederig, Nederigheid.
11*a* GS Doop—Vereistes vir die doop; Kind, Kinders.
*b* GS Vergifnis van Sondes.
12*a* L&V 29:46–47; 93:38.
*b* Efés. 6:9; 2 Ne. 26:33; L&V 38:16.
14*a* 1 Kor. 13; Ether 12:6; Moro. 7:25–28; 10:20–23.

met dit in sy gedagtes, moet hy afgaan na die hel.

15 Want vreeslik is die ongeregtigheid om te veronderstel dat God een kind red vanweë die doop, en dat die ander moet vergaan omdat hy nie gedoop is nie.

16 Wee hulle wat die weë van die Here sal verdraai volgens hierdie wyse, want hulle sal vergaan tensy hulle bekeer. Kyk, ek spreek met vrymoedigheid, omdat ek [a]gesag het van God; en ek vrees nie wat die mens kan doen nie; want volmaakte [b]liefde [c]dryf alle vrees uit.

17 En ek is vervul met [a]naasteliefde, wat ewigdurende liefde is; daarom, alle kinders is vir my dieselfde; daarom, ek is lief vir klein [b]kindertjies met ʼn volmaakte liefde; en hulle is almal dieselfde en deelgenote aan heil.

18 Want ek weet dat God nie ʼn partydige God is nie, nóg ʼn veranderlike Wese; maar Hy is [a]onveranderlik van [b]alle ewigheid tot alle ewigheid.

19 Klein [a]kindertjies kan nie bekeer nie; daarom, dit is vreeslike boosheid om die suiwere barmhartighede van God aan hulle te weier, want hulle is almal lewend in Hom vanweë sy [b]barmhartigheid.

20 En hy wat sê dat klein kindertjies die doop nodig het, loën die barmhartighede van Christus, en ag die [a]versoening van Hom en die krag van sy verlossing as nietig.

21 Wee diesulkes, want hulle is in gevaar van die dood, [a]hel, en ʼn [b]eindelose pyniging. Ek spreek dit met vrymoedigheid; God het my gebied. Luister na hulle en slaan ag, of hulle staan teen julle by die [c]regterstoel van Christus.

22 Want kyk, alle klein kindertjies is [a]lewend in Christus, en ook hulle wat sonder die [b]wet is. Want die krag van [c]verlossing kom oor hulle almal wat geen wet het nie; daarom, hy wat nie veroordeel is nie, of hy wat onder geen veroordeling staan nie, kan nie bekeer nie; en vir diesulkes baat die doop niks—

23 Maar dit is ʼn bespotting voor God, en loën die barmhartighede van Christus, en die krag van sy Heilige Gees, en plaas vertroue in [a]dooie werke.

24 Kyk, my seun, hierdie ding behoort nie te wees nie; want [a]bekering is vir hulle wat onder veroordeling staan en onder die vloek van ʼn gebroke wet.

25 En die eerstevrugte van

16*a* GS Gesag.
*b* GS Liefde.
*c* 1 Joh. 4:18.
17*a* GS Naasteliefde.
*b* Mosia 3:16–19.
18*a* Alma 7:20; Morm. 9:9. GS God, Godheid.
*b* Moro. 7:22.
19*a* Lk. 18:15–17.
*b* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
20*a* GS Plan van Verlossing; Versoen, Versoening.
21*a* GS Hel.
*b* Jakob 6:10; Mosia 28:3; L&V 19:10–12.
*c* GS Jesus Christus—Regter.
22*a* GS Heil—Heil van kinders.
*b* Hand. 17:30; L&V 76:71–72.
*c* GS Verlos, Verlossing.
23*a* L&V 22:2.
24*a* GS Bekeer, Bekering.

[a]bekering is die [b]doop; en die doop kom deur geloof ter vervulling van die gebooie; en die vervulling van die gebooie bring [c]vergifnis van sondes;

26 En die vergifnis van sondes bring [a]sagmoedigheid, en nederigheid van hart; en vanweë die sagmoedigheid en nederigheid van hart kom die besoeking van die [b]Heilige Gees, welke [c]Vertrooster vervul met [d]hoop en volmaakte [e]liefde, welke liefde volhard deur [f]ywer in die [g]gebed, totdat die einde sal kom, wanneer al die [h]heiliges by God sal woon.

27 Kyk, my seun, ek sal weer vir jou skryf as ek nie gou teen die Lamaniete optrek nie. Kyk, die [a]hoogmoed van hierdie nasie, of die volk van die Nefiete, het geblyk hulle ondergang te wees, tensy hulle sou bekeer.

28 Bid vir hulle, my seun, dat bekering tot hulle mag kom. Maar kyk, ek vrees dat die Gees opgehou het om met hulle te [a]werk; en in hierdie deel van die land soek hulle ook om alle mag en gesag wat van God af kom omver te werp; en hulle [b]loën die Heilige Gees.

29 En nadat hulle so 'n groot kennis verwerp het, my seun, moet hulle gou vergaan, ter vervulling van die profesieë wat gespreek is deur die profete, sowel as die woorde van ons Saligmaker self.

30 Vaarwel, my seun, totdat ek weer vir jou sal skrywe, of jou weer sal ontmoet. Amen.

---

Die tweede brief van Mormon aan sy seun Moroni.

*Dit behels hoofstuk 9.*

## HOOFSTUK 9

*Beide die Nefiete en Lamaniete is verdorwe en ontaard—Hulle martel en vermoor mekaar—Mormon bid dat genade en goedheid mag rus op Moroni vir ewig. Ongeveer 401 n.C.*

My geliefde seun, ek skryf weer aan jou sodat jy mag weet dat ek nog lewe; maar ek skryf ietwat aangaande dit wat verontrustend is.

2 Want kyk, ek het 'n fel stryd gehad met die Lamaniete, waarin ons nie oorwin het nie; en Archeantus het geval deur die swaard, en ook Luram en Emron; ja, en ons het 'n groot getal van ons uitverkore manne verloor.

3 En nou kyk, my seun, ek vrees dat die Lamaniete hierdie volk sal

---

25*a* GS Doop—Vereistes vir die doop.
*b* Moses 6:58–60.
*c* L&V 76:52. GS Vergifnis van Sondes.
26*a* GS Sagmoedig, Sagmoedigheid.
*b* GS Heilige Gees.
*c* GS Trooster.
*d* GS Hoop.
*e* 1 Petr. 1:22; 1 Ne. 11:22–25.
*f* GS Ywer.
*g* GS Gebed.
*h* GS Heilige.
27*a* L&V 38:39. GS Hoogmoed.
28*a* Morm. 5:16.
*b* Alma 39:6. GS Onvergeeflike Sonde.

vernietig, want hulle bekeer nie, en Satan stook hulle gedurig op tot toorn teen mekaar.

4 Kyk, ek arbei gedurig met hulle; en wanneer ek die woord van God spreek met [a]skerpheid, bewe hulle en raak toornig teen my; en wanneer ek geen skerpheid gebruik nie, verhard hulle hul harte daarteen; daarom, ek vrees dat die Gees van die Here opgehou het om met hulle te [b]werk.

5 Want so uitermate word hulle toornig dat dit vir my voorkom dat hulle geen vrees het vir die dood nie; en hulle het hul liefde verloor, die een teenoor die ander; en hulle [a]dors voortdurend na bloed en wraak.

6 En nou, my geliefde seun, nieteenstaande hul hardheid, laat ons [a]ywerig [b]arbei; want as ons sou ophou om te arbei, sou ons gebring word onder veroordeling; want ons het ′n arbeid om te verrig terwyl in hierdie tabernakel van klei, sodat ons die vyand van alle regverdigheid mag oorwin, en ons siele rus in die koninkryk van God.

7 En nou skryf ek ietwat aangaande die lyding van hierdie volk. Want volgens die kennis wat ek ontvang het van Amoron, kyk, die Lamaniete het baie gevangenes, wat hulle geneem het van die toring van Serriza; en daar was manne, vroue, en kinders.

8 En die mans en vaders van daardie vroue en kinders het hulle gedood; en hulle voed die vroue met die vlees van hul mans, en die kinders op die vlees van hul vaders; en geen water nie, behalwe ′n bietjie, gee hulle vir hulle.

9 En nieteenstaande hierdie groot gruwel van die Lamaniete, oortref dit nie dít van ons volk in Moriantum nie. Want kyk, baie van die dogters van die Lamaniete het hulle gevange geneem; en nadat hulle hul ontneem het van dít wat dierbaarste en kosbaarste was bo alle dinge, wat [a]kuisheid en [b]reinheid is—

10 En nadat hulle hierdie ding gedoen het, het hulle hul vermoor op die wreedaardigste wyse, deur hul liggame te martel tot die dood; en nadat hulle dit gedoen het, het hulle hul vlees verorber soos wilde diere, vanweë die hardheid van hul harte; en hulle doen dit as ′n teken van dapperheid.

11 O my geliefde seun, hoe kan ′n volk soos hierdie, wat sonder beskawing is—

12 (En net ′n paar jaar het verbygegaan, sedert hulle ′n beskaafde en aangename volk was)—

13 Maar o my seun, hoe kan ′n volk soos hierdie, wie se genot in soveel gruwels is—

14 Hoe kan ons verwag dat God sy hand sal [a]terughou in oordeel teen ons?

**9** 4*a* 2 Ne. 1:26–27; L&V 121:41–43.
*b* L&V 1:33.
5*a* Morm. 4:11–12.
6*a* GS Ywer.
*b* Jakob 1:19; Enos 1:20. GS Plig.
9*a* GS Kuisheid.
*b* GS Deugsaamheid.
14*a* Alma 10:23.

15 Kyk, my hart roep uit: Wee hierdie volk. Kom uit in oordeel, o God, en verberg hulle sondes, en boosheid en gruwels van voor u aangesig!

16 En verder, my seun, daar is baie [a]weduwees en hul dogters wat agterbly in Serriza; en daardie deel van die voorrade wat die Lamaniete nie weggedra het nie, kyk, dit het die leër van Zenefi weggedra, en hulle agtergelaat om rond te dwaal waar hulle ook al kan vir voedsel; en baie ou vroue val flou langs die pad en sterwe.

17 En die leër wat by my is, is swak; en die leërs van die Lamaniete is tussen Serriza en my; en soveel as wat gevlug het na die leër van [a]Aäron, het die prooi geword van hulle vreeslike wreedaardigheid.

18 O, die verdorwenheid van my volk! Hulle is sonder orde en sonder barmhartigheid. Kyk, ek is slegs ′n man, en ek het slegs die krag van ′n man en ek kan nie langer my bevele afdwing nie.

19 En hulle het sterk geword in hul goddeloosheid; en hulle is almal ewe wreed, en spaar niemand, nóg oud, nóg jonk; en hulle skep behae in alles behalwe dit wat goed is; en die lyding van ons vroue en ons kinders op die hele aangesig van hierdie land oortref alles; ja, die tong kan nie vertel nie, nóg kan dit geskrywe word.

20 En nou, my seun, ek talm nie langer by hierdie verskriklike toneel nie. Kyk, jy ken die boosheid van hierdie volk; jy weet dat hulle sonder beginsel is, en gevoelloos; en hulle boosheid [a]oortref dié van die Lamaniete.

21 Kyk, my seun, ek kan hulle nie by God aanbeveel nie, uit vrees dat Hy my sou slaan.

22 Maar kyk, my seun, ek beveel jou aan by God, en ek vertrou op Christus dat jy gered sal word; en ek bid tot God dat hy jou lewe sal [a]spaar, om te getuig van die terugkeer van sy volk tot Hom, of hulle algehele vernietiging; want ek weet dat hulle moet vergaan tensy hulle [b]bekeer en terugkeer tot Hom.

23 En as hulle vergaan, sal dit wees soos met die Jerediete, vanweë die moedswilligheid van hul harte, en hulle [a]soeke na bloed en [b]wraak.

24 En as dit so is dat hulle vergaan, weet ons dat baie van ons broers [a]oorgeloop het na die Lamaniete, en baie meer sal ook oorgaan na hulle; daarom, skryf so ′n paar dinge, as jy gespaar bly en ek omkom en jou nie sien nie; maar ek vertrou dat ek jou spoedig sal sien; want ek het heilige kronieke wat ek aan jou wil [b]oorhandig.

25 My seun, wees getrou in Christus; en mag die dinge wat ek geskryf het, jou nie bedroef, om jou terneer te druk tot die

16*a* GS Weduwee.
17*a* Morm. 2:9.
20*a* Hel. 6:34–35.
22*a* Morm. 8:3.
*b* Mal. 3:7; Hel. 13:11; 3 Ne. 10:6; 24:7.
23*a* Morm. 4:11–12.
*b* Ether 15:15–31.
24*a* Alma 45:14.
*b* Morm. 6:6.

dood toe nie; maar mag Christus jou ophef, en mag sy [a]lydings en dood en die toon van sy liggaam aan ons vaders, en sy barmhartigheid en lankmoedigheid, en die hoop vir sy heerlikheid en vir die [b]ewige lewe, vir ewig in jou [c]gedagtes rus.

26 En mag die genade van God die Vader, wie se troon hoog in die hemele is, en ons Here Jesus Christus, wat sit aan die [a]regterhand van sy krag, totdat alle dinge onderworpe aan Hom sal wees, en ewig met jou wees en bly. Amen.

## HOOFSTUK 10

*'n Getuienis van die Boek van Mormon kom deur die mag van die Heilige Gees—Die gawes van die Gees word gegee aan die gelowiges—Geestelike gawes vergesel altyd geloof—Moroni se woorde spreek uit die stof—Kom na Christus, word vervolmaak in Hom, en heilig julle siele. Ongeveer 421 n.C.*

NOU ek, Moroni, skryf ietwat soos wat ek goeddink. En ek skryf aan my broers, die [a]Lamaniete; ek wil hê dat hulle moet weet dat meer as vierhonderd en twintig jaar verbygegaan het vandat die teken gegee is van die koms van Christus.

2 En ek [a]verseël hierdie kronieke, nadat ek 'n paar woorde gespreek het by wyse van vermaning tot julle.

3 Kyk, ek wil julle vermaan dat wanneer julle hierdie dinge sal lees, as dit wysheid is in God dat julle hulle sal lees, dat julle sal onthou hoe barmhartig die Here was jeens die kinders van mense, vanaf die skepping van Adam tot die tyd dat julle hierdie dinge sal ontvang, en dit in julle [a]harte [b]bepeins.

4 En wanneer julle hierdie dinge sal ontvang, wil ek julle vermaan dat julle God sal [a]vra, die Ewige Vader, in die Naam van Christus, of hierdie dinge [b]nie waar is nie; en as julle sal vra met 'n [c]opregte hart, met [d]opregte begeerte, en met [e]geloof in Christus, sal Hy die [f]waarheid daarvan [g]openbaar aan julle, deur die mag van die Heilige Gees.

5 En deur die mag van die Heilige Gees mag julle die [a]waarheid [b]weet van alle dinge.

6 En watter ding ook al goed is, is juis en waar; daarom, niks wat goed is loën die Christus nie, maar erken dat Hy is.

7 En julle mag weet dat Hy is,

25*a* GS Versoen, Versoening.
*b* GS Ewige Lewe.
*c* GS Verstand.
26*a* Lk. 22:69; Hand. 7:55–56; Mosia 5:9; Alma 28:12.
**10** 1*a* L&V 10:48.
2*a* Morm. 8:4, 13–14. GS Skrifture—Skrifture wat geprofeteer is om te voorskyn te kom.
3*a* Deut. 6:6–7.
*b* Deut. 11:18–19. GS Peins.
4*a* GS Gebed.
*b* 1 Ne. 13:39; 14:30; Mosia 1:6; Ether 4:10–11; 5:3.
*c* GS Eerlik, Eerlikheid.
*d* Jak. 1:5–7; Moro. 7:9.
*e* GS Geloof, Glo.
*f* GS Waarheid.
*g* GS Openbaring.
5*a* Joh. 8:32.
*b* L&V 35:19. GS Getuienis; Onderskeiding, Gawe van.

deur die mag van die Heilige
Gees; daarom wil ek julle ver-
maan dat julle nie die krag van
God loën nie; want Hy werk deur
krag, [a]volgens die geloof van die
kinders van mense, dieselfde van-
dag en môre, en vir ewig.
8 En verder, ek vermaan julle,
my broers, dat julle nie die [a]ga-
wes van God loën nie, want
hulle is baie; en hulle kom van
dieselfde God. En daar is [b]ver-
skillende wyses waarop hierdie
gawes toegewys word, maar dit
is dieselfde God wat alles in almal
werk; en hulle word gegee deur
die openbarings van die Gees van
God aan die mens, om hulle te
bevoordeel.
9 Want kyk, [a]aan een word ge-
gee die Gees van God, dat hy die
woord van wysheid mag [b]onder-
rig;
10 En aan ′n ander, dat hy die
woord van kennis mag onderrig
deur dieselfde Gees;
11 En aan ′n ander, uitermate
groot [a]geloof; en aan ′n ander,
die gawes van [b]genesing deur die-
selfde Gees;
12 En verder, aan ′n ander, dat
hy magtige [a]wonderwerke mag
verrig;
13 En verder, aan ′n ander, dat
hy mag profeteer aangaande alle
dinge;
14 En verder, aan ′n ander, die
aanskouing van engele en die-
nende geeste;
15 En verder, aan ′n ander, alle
soorte van tonge;
16 En verder, aan ′n ander, die
uitlegging van tale en van verskil-
lende soorte [a]tonge.
17 En al hierdie gawes kom deur
die Gees van Christus; en hulle
kom na elke mens afsonderlik,
soos Hy wil.
18 En ek wil julle vermaan, my
geliefde broers, dat julle onthou
dat [a]elke goeie gawe van Chris-
tus kom.
19 En ek wil julle vermaan, my
geliefde broers, dat julle onthou
dat Hy [a]dieselfde is gister, van-
dag en vir ewig, en dat al hier-
die gawes waarvan ek gespreek
het, wat geestelik is, nooit weg-
gedoen sal word so lank as die
wêreld sal staan nie, slegs oor-
eenkomstig die [b]ongeloof van die
kinders van mense.
20 Daarom, daar moet [a]geloof
wees; en as daar geloof moet
wees, moet daar ook hoop wees;
en as daar hoop moet wees, moet
daar ook naasteliefde wees.
21 En tensy julle [a]naasteliefde
het, kan julle geensins gered word
in die koninkryk van God nie; ook
kan julle nie gered word in die ko-
ninkryk van God as julle nie ge-
loof het nie; nóg kan julle, as julle
geen hoop het nie.

7*a* 1 Ne. 10:17–19.
8*a* GS Gawes van die Gees.
*b* L&V 46:15.
9*a* 1 Kor. 12:8–11; L&V 46:8–29.
*b* L&V 88:77–79, 118.
11*a* GS Geloof, Glo.
*b* GS Genees, Genesings.
12*a* GS Wonderwerk.
16*a* GS Tale, Gawe van.
18*a* Jak. 1:17.
19*a* Hebr. 13:8.
*b* Moro. 7:37.
20*a* Ether 12:3–37.
21*a* 1 Kor. 13; Moro. 7:1, 42–48. GS Naasteliefde.

22 En as julle geen hoop het nie,
moet julle noodwendig in wanhoop wees; en wanhoop kom as gevolg van ongeregtigheid.
23 En Christus het waarlik aan
ons vaders gesê: [a]As julle geloof het kan julle alle dinge doen wat vir My raadsaam is.
24 En nou spreek ek met al die
eindes van die aarde—dat as die dag kom dat die krag en gawes van God weggedoen sal word onder julle, sal dit wees [a]vanweë [b]ongeloof.
25 En wee die kinders van
mense as dit die geval is; want daar sal [a]niemand wees wat goed doen onder julle nie, nee nie een nie. Want as daar een is onder julle wat goeddoen, sal hy werk deur die krag en gawes van God.
26 En wee hulle wat hierdie
dinge sal wegdoen, en sterf, want hulle [a]sterf in hul [b]sondes, en hulle kan nie gered word in die koninkryk van God nie; en ek spreek dit volgens die woorde van Christus; en ek lieg nie.
27 En ek vermaan julle om hier-
die dinge te onthou; want die tyd kom spoedig dat julle sal weet dat ek nie lieg nie, want julle sal my sien by die regbank van God; en die Here God sal vir julle sê: Het Ek nie my [a]woorde aan julle verkondig, wat geskryf is deur hierdie man, net soos een wat [b]roep uit die dode, ja, net soos een wat spreek uit die [c]stof nie?
28 Ek verkondig hierdie dinge
ter vervulling van die profesieë. En kyk, hulle sal uitgaan uit die mond van die ewige God; en sy woord sal [a]voortsis van geslag tot geslag.
29 En God sal aan julle toon dat
dit wat ek geskryf het, waar is.
30 En verder wil ek julle ver-
maan dat julle na Christus moet [a]kom, en vasgryp aan elke goeie gawe, en die bose gawe nie [b]aanraak nie, nóg die onrein ding.
31 En [a]ontwaak, en staan op uit
die stof, o Jerusalem, ja, en trek jou mooi klere aan, o dogter van [b]Sion; en [c]versterk jou [d]penne en vergroot jou grense vir ewig, dat jy [e]nie langer vermeng mag wees nie, dat die verbonde van die Ewige Vader wat Hy gesluit het met julle, o huis van Israel, vervul mag word.
32 Ja, [a]kom na Christus, en word
[b]vervolmaak in Hom, en onthou julleself van alle goddeloosheid; en as julle jul sal onthou van alle

23 *a* Moro. 7:33.
24 *a* Moro. 7:37.
*b* GS Ongeloof.
25 *a* JSV Ps. 14:1–7 (Bylae); Rom. 3:10–12.
26 *a* Eség. 18:26–27; 1 Ne. 15:32–33; Mosia 15:26.
*b* Joh. 8:21.
27 *a* 2 Ne. 33:10–11.
*b* 2 Ne. 3:19–20; 27:13; 33:13; Morm. 9:30.
*c* Jes. 29:4.
28 *a* 2 Ne. 29:2.
30 *a* 1 Ne. 6:4; Morm. 9:27; Ether 5:5.
*b* Alma 5:57.
31 *a* Jes. 52:1–2.
*b* GS Sion.
*c* Jes. 54:2.
*d* GS Pen.
*e* Ether 13:8.
32 *a* Matt. 11:28; 2 Ne. 26:33; Jakob 1:7; Omni 1:26.
*b* Matt. 5:48; 3 Ne. 12:48. GS Volmaak.

goddeloosheid, en God sal [c]liefhê met al julle mag, verstand en krag, dan is sy genade genoeg vir julle, dat deur sy [d]genade julle volmaak mag wees in Christus; en as julle deur die genade van God volmaak is in Christus, kan julle geensins die krag van God loën nie.

33 En verder, as julle deur die genade van God volmaak is in Christus, en sy krag nie loën nie, dan word julle [a]geheilig in Christus deur die genade van God, deur die vergieting van die [b]bloed van Christus, wat in die verbond is van die Vader tot die [c]vergifnis van julle sondes, dat julle [d]heilig word, sonder smet.

34 En nou sê ek aan almal, vaarwel. Ek gaan spoedig om te [a]rus in die [b]paradys van God, totdat [c]my gees en liggaam weer sal [d]verenig, en ek triomfantlik gebring word deur die [e]lug, om julle te ontmoet voor die [f]aangename regbank van die groot [g]Jehova, die Ewige [h]Regter van beide die lewende en die dode. Amen.

32 *c* L&V 4:2; 59:5–6.
*d* 2 Ne. 25:23.
33 *a* GS Heiligmaking.
*b* GS Versoen, Versoening.
*c* GS Vergifnis van Sondes.
*d* GS Heiligheid.
34 *a* GS Rus.
*b* GS Paradys.
*c* GS Gees.
*d* GS Opstanding.
*e* 1 Thes. 4:17.
*f* Jakob 6:13.
*g* GS Jehova.
*h* GS Jesus Christus—Regter.

DIE EINDE

DIE

# LEER EN VERBONDE

## VAN DIE KERK VAN JESUS CHRISTUS VAN DIE HEILIGES VAN DIE LAASTE DAE

BEVATTENDE OPENBARINGS GEGEE AAN
JOSEPH SMITH, DIE PROFEET

MET SEKERE BYVOEGINGS DEUR SY OPVOLGERS
IN DIE PRESIDENSIE VAN DIE KERK

# INHOUD

Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . v
Kronologiese Volgorde . . . . . . . . . . . . . . . . x
Afdelings . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1
Amptelike Verklarings . . . . . . . . . . . . . . . 358

# INLEIDING

Die Leer en Verbonde is ′n versameling van goddelike openbarings en geïnspireerde verklarings gegee vir die vestiging en beheer van die koninkryk van God op die aarde in die laaste dae. Alhoewel die meeste van die afdelings gerig is aan die lede van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, is die boodskappe, waarskuwings, en vermanings tot voordeel van die hele mensdom en bevat ′n uitnodiging aan alle mense oraloor om die stem van die Here Jesus Christus te hoor, sprekende tot hulle vir hulle stoflike welsyn en hulle ewigdurende heil.

Die meeste van die openbarings in hierdie samestelling is ontvang deur Joseph Smith Jr., die eerste profeet en president van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae. Ander is gegee deur sommige van sy opvolgers in die Presidensie (sien opskrifte van L&V 135, 136, en 138, en Amptelike Verklarings 1 en 2).

Die boek van die Leer en Verbonde is een van die standaardwerke van die Kerk saam met die Heilige Bybel, die Boek van Mormon, en die Pêrel van Groot Waarde. Die Leer en Verbonde is egter uniek aangesien dit nie ′n vertaling is van ′n antieke dokument nie, maar is van moderne oorsprong en is deur God deur sy gekose profete gegee vir die herstelling van hierdie heilige werk en die vestiging van die koninkryk van God op die aarde in hierdie dae. In die openbarings hoor ′n mens die tere maar ferm stem van die Here Jesus Christus, sprekende opnuut in die tydvak van die volheid van tye; en die werk wat hierin begin is, is voorbereidend tot sy Tweede Koms ter vervulling van en in ooreenstemming met die woorde van al die heilige profete sedert die wêreld begin het.

Joseph Smith Jr. is gebore op 23 Desember 1805, in Sharon, Windsordistrik, Vermont. Gedurende sy vroeë lewe het hy saam met sy familie verhuis na die huidige Manchester, in westelike New York. Dit was terwyl hy daar gewoon het in die lente van 1820, toe hy veertien jaar oud was, dat hy sy eerste visioen ervaar het waarin hy deur God, die Ewige Vader, en sy Seun Jesus Christus persoonlik besoek is. Hy is in hierdie visioen gesê dat die ware Kerk van Jesus Christus wat in Nuwe Testamentiese tye gevestig was, en wat die volheid van die evangelie bedien het, nie langer op die aarde was nie. Ander goddelike openbarings het gevolg waarin hy deur talle engele geleer is; dit is aan hom getoon dat God ′n spesiale werk vir hom gehad het om op die aarde te doen en dat die Kerk van Jesus Christus op die aarde deur hom herstel sou word.

Na 'n tydperk was Joseph Smith deur goddelike bystand in staat gestel om die Boek van Mormon te vertaal en te publiseer. In die tussentyd is hy en Oliver Cowdery tot die Aäroniese Priesterskap geordineer deur Johannes die Doper in Mei 1829 (sien L&V 13), en kort daarna is hulle ook geordineer tot die Melgisédekse Priesterskap deur die antieke Apostels Petrus, Jakobus en Johannes (sien L&V 27:12). Ander ordinerings het gevolg waarin priesterskapsleutels deur Moses, Elía, Elías, en vele antieke profete toegeken is (sien L&V 110; 128:18, 21). Hierdie ordinerings was, in der waarheid, 'n herstelling van goddelike gesag aan die mens op die aarde. Op 6 April 1830 het die Profeet Joseph Smith onder hemelse leiding die Kerk georganiseer, en dus is die ware Kerk van Jesus Christus weer eens werksaam as 'n instelling onder die mens, met gesag om die evangelie te onderrig en die ordinansies van heil te bedien. (Sien L&V 20 en die Pêrel van Groot Waarde, Joseph Smith—Geskiedenis 1.)

Hierdie heilige openbarings is ontvang in antwoord op gebed, in tye van behoefte, en het ontstaan uit werklike lewensituasies betreffende regte mense. Die Profeet en sy kollegas het goddelike leiding gesoek, en hierdie openbarings bewys dat hulle dit ontvang het. In die openbarings sien ons die herstelling en ontvouing van die evangelie van Jesus Christus en die inlui van die tydvak van die volheid van tye. Die weswaartse beweging van die Kerk van New York en Pennsilvanië na Ohio, na Missouri, na Illinois, en uiteindelik na die Groot Bekken van westelike Amerika en die sware beproewings van die Heiliges in hul poging om Sion op die aarde op te bou in moderne tye word ook in hierdie openbarings bekendgemaak.

Verskeie van die vroeëre afdelings het te make met die vertaling en publikasie van die Boek van Mormon (sien afdelings 3, 5, 10, 17 en 19). Sommige latere afdelings weerspieël die werk van die Profeet Joseph Smith wat die geïnspireerde vertaling van die Bybel gemaak het, waartydens vele van die groot leerstellige afdelings ontvang is (sien, byvoorbeeld, afdelings 37, 45, 73, 76, 77, 86, 91 en 132, waarvan elkeen een of ander direkte verband het met die Bybelvertaling).

In die openbarings word die leerstellings van die evangelie uiteengesit met verduidelikings oor sulke fundamentele sake soos die aard van die Godheid, die oorsprong van die mens, die realiteit van Satan, die doel van sterflikheid, die noodsaaklikheid van gehoorsaamheid, die behoefte aan bekering, die werkinge van die Heilige Gees, die ordinansies en handelinge wat betrekking het op heil, die lot van die aarde, die toekomstige toestande van die mens ná die Opstanding en die Oordeel, die ewigheid van die huweliksverwantskap, en die ewige aard van die familie. Bykomend word die geleidelike ontvouing van

die administratiewe struktuur van die Kerk getoon deur die roeping van biskoppe, die Eerste Presidensie, die Raad van die Twaalf, en die Sewentig en die vestiging van ander presiderende ampte en kworums. Ten slotte, die getuienis wat gegee word van Jesus Christus—sy goddelikheid, sy majesteit, sy volmaaktheid, sy liefde, en sy verlossende krag—maak hierdie boek van groot waarde vir die menslike familie en "vir die Kerk van meer waarde as die rykdomme van die hele Aarde" (sien opskrif van L&V 70).

Die openbarings was oorspronklik opgeteken deur Joseph Smith se skrywers en Kerklede het entoesiasties handgeskrewe kopieë met mekaar gedeel. Om ʼn meer permanente rekord te skep, het die skrywers spoedig hierdie openbarings in manuskrip-verslagboeke gekopieer wat Kerkleiers gebruik het in die voorbereiding van die openbarings vir publikasie. Joseph en die vroeë Heiliges het die openbarings beskou soos die Kerk: lewend, dinamies, en onderworpe aan verfyning deur bykomende openbaring. Hulle het ook besef dat onbewustelike foute waarskynlik ontstaan het in die proses om die openbarings te kopieer en voor te berei vir publikasie. Dus het ʼn Kerkkonferensie in 1831 vir Joseph Smith gevra om daardie "foute en onjuisthede reg te stel wat hy deur die Heilige Gees mag ontdek."

Nadat die openbarings hersien en reggestel is, het Kerklede in Missouri begin om ʼn boek te publiseer getiteld *A Book of Commandments for the Government of the Church of Christ* [ʼn Boek van Gebooie vir die Beheer van die Kerk van Christus], wat baie van die Profeet se vroeë openbarings bevat het. Hierdie eerste poging om die openbarings te publiseer is egter beëindig toe ʼn bende die Heiliges se drukkery in Jackson-distrik op 20 Julie 1833 vernietig het.

Nadat hy van die vernietiging van die Missouri-drukkery verneem het, het Joseph Smith en ander Kerkleiers voorbereidings begin tref om die openbarings in Kirtland, Ohio te publiseer. Om weer eens foute reg te stel, bewoording te verduidelik, en melding te maak van ontwikkelings in Kerkleerstellings en organisasie, het Joseph Smith toesig gehou oor die redigering van die teks van sommige openbarings vir publikasie in 1835 as die *Doctrine and Covenants of the Church of the Latter Day Saints* [Leer en Verbonde van die Kerk van die Heiliges van die Laaste Dae]. Joseph Smith het ʼn ander uitgawe van die Leer en Verbonde gemagtig, wat slegs maande na die Profeet se martelaarskap in 1844 gepubliseer is.

Die vroeë Heiliges van die Laaste Dae het die openbarings gekoester as boodskappe van God. Op een geleentheid laat in 1831, het verskeie ouderlinge van die Kerk ʼn plegtige getuienis gelewer dat die Here aan hulle siele getuienis gelewer het van die waarheid van die openbarings.

Hierdie getuienis was gepubliseer in die 1835-uitgawe van die Leer en Verbonde as die geskrewe getuienis van die Twaalf Apostels:

GETUIENIS VAN DIE
TWAALF APOSTELS BETREFFENDE DIE WAARHEID VAN DIE
BOEK VAN DIE LEER EN VERBONDE

*Die Getuienis van die Getuies van die Boek van die Here se Gebooie, welke gebooie Hy aan sy Kerk gegee het deur Joseph Smith, Jr., wat aangestel is deur die stem van die Kerk vir hierdie doel:*

Ons voel, daarom, gewillig om getuienis te lewer aan die wêreld van die mensdom, aan elke skepsel op die aangesig van die aarde, dat die Here aan ons siele getuienis gelewer het, deur die Heilige Gees wat op ons uitgestort is, dat hierdie gebooie deur die inspirasie van God gegee is, en is voordelig vir alle mense, en is inderdaad waar.

Ons gee hierdie getuienis aan die wêreld, met die Here as ons helper; en dit is deur die genade van God die Vader, en sy Seun, Jesus Christus, dat ons toegelaat word om hierdie voorreg te hê om hierdie getuienis aan die wêreld te lewer, waarin ons ons uitermate verbly, altyd biddend tot die Here dat die kinders van mense daardeur mag baat.

Die name van die Twaalf was:

| | | |
|---|---|---|
| Thomas B. Marsh | Orson Hyde | William Smith |
| David W. Patten | William E. McLellin | Orson Pratt |
| Brigham Young | Parley P. Pratt | John F. Boynton |
| Heber C. Kimball | Luke S. Johnson | Lyman E. Johnson |

In daaropvolgende uitgawes van die Leer en Verbonde is bykomende openbarings of ander sake van belang bygevoeg, soos ontvang en aanvaar deur bevoegde samekomste of konferensies van die Kerk. Die 1876-uitgawe, voorberei deur Ouderling Orson Pratt onder leiding van Brigham Young, het die openbarings kronologies gerangskik en nuwe opskrifte met geskiedkundige inleidings verskaf.

Beginnende met die 1835-uitgawe was ’n reeks van sewe teologiese lesse ook ingesluit; hulle was getitel die *Lectures on Faith* [Lesings oor Geloof]. Hulle was voorberei vir gebruik in die Skool van die Profete in Kirtland, Ohio, vanaf 1834 tot 1835. Alhoewel van waarde vir leerstellings en onderrig, is hierdie lesings weggelaat van die Leer en Verbonde sedert die 1921-uitgawe aangesien hulle nie as openbarings aan die hele Kerk gegee of voorgelê is nie.

In die 1981 Engelse uitgawe van die Leer en Verbonde, is drie

dokumente vir die eerste keer ingesluit. Dit is afdelings 137 en 138, wat die grondbeginsels van heil vir die dode uiteensit; en Amptelike Verklaring 2, wat aankondig dat alle waardige manlike lede van die Kerk geordineer mag word tot die Priesterskap sonder voorbehoud van ras of kleur.

Elke nuwe uitgawe van die Leer en Verbonde het vorige foute reggestel en nuwe inligting bygevoeg, veral in die geskiedkundige afdelings van die afdelingsopskrifte. Die huidige uitgawe verfyn datums en plekname verder en maak ander korreksies. Hierdie veranderings is gemaak om die materiaal in ooreenstemming te bring met die mees akkurate geskiedkundige inligting. Ander spesiale eienskappe van hierdie nuutste uitgawe sluit in hersiene kaarte wat die hoof aardrykskundige liggings waar die openbarings ontvang is, aantoon, plus verbeterde foto's van Kerkhistoriese liggings, kruisverwysings, afdelingsopskrifte, en inhoudsopsommings, almal wat bedoel is om lesers te help om te verstaan en hulle te verbly in die boodskap van die Here soos gegee in die Leer en Verbonde. Inligting vir die afdelingsopskrifte is geneem uit die Manuskripgeskiedenis van die Kerk en die gepubliseerde *History of the Church* [Geskiedenis van die Kerk] (daar word gesamentlik na hulle verwys in die opskrifte van Joseph Smith se geskiedenis) en die *Joseph Smith Papers* [Joseph Smith-dokumente].

# KRONOLOGIESE VOLGORDE VAN INHOUD


| *Datum* | | *Plek* | *Afdelings* |
|---|---|---|---|
| 1823 | September | Manchester, New York | 2 |
| 1828 | Julie | Harmony, Pennsilvanië | 3 |
| 1829 | Februarie | Harmony, Pennsilvanië | 4 |
| | Maart | Harmony, Pennsilvanië | 5 |
| | April | Harmony, Pennsilvanië | 6, 7, 8, 9, 10 |
| | Mei | Harmony, Pennsilvanië | 11, 12, 13* |
| | Junie | Fayette, New York | 14, 15, 16, 17, 18 |
| | Somer | Manchester, New York | 19 |
| 1830 | | Wayne-distrik, New York | 74 |
| | April | Fayette, New York | 20*, 21 |
| | April | Manchester, New York | 22, 23 |
| | Julie | Harmony, Pennsilvanië | 24, 25, 26 |
| | Augustus | Harmony, Pennsilvanië | 27 |
| | September | Fayette, New York | 28, 29, 30, 31 |
| | Oktober | Manchester, New York | 32 |
| | Oktober | Fayette, New York | 33 |
| | November | Fayette, New York | 34 |
| | Desember | Fayette, New York | 35*, 36*, 37* |
| 1831 | Januarie | Fayette, New York | 38, 39, 40 |
| | Februarie | Kirtland, Ohio | 41, 42, 43, 44 |
| | Maart | Kirtland, Ohio | 45, 46, 47, 48 |
| | Mei | Kirtland, Ohio | 49, 50 |
| | Mei | Thompson, Ohio | 51 |
| | Junie | Kirtland, Ohio | 52, 53, 54, 55, 56 |
| | Julie | Sion, Jackson-distrik, Missouri | 57 |
| | Augustus | Sion, Jackson-distrik, Missouri | 58, 59 |
| | Augustus | Independence, Missouri | 60 |
| | Augustus | Missouri-rivier, Missouri | 61 |
| | Augustus | Chariton, Missouri | 62 |
| | Augustus | Kirtland, Ohio | 63 |
| | September | Kirtland, Ohio | 64 |
| | Oktober | Hiram, Ohio | 65, 66 |
| | November | Hiram, Ohio | 1, 67, 68, 69, 70, 133 |
| | Desember | Hiram, Ohio | 71 |
| | Desember | Kirtland, Ohio | 72 |
| 1832 | Januarie | Hiram, Ohio | 73 |
| | Februarie | Amherst, Ohio | 75 |
| | Februarie | Hiram, Ohio | 76 |
| | Maart | Hiram, Ohio | 77, 79, 80, 81 |
| | Maart | Kirtland, Ohio | 78 |


*By of naby plek aangedui

| Datum | | Plek | Afdelings |
|---|---|---|---|
| | April | Independence, Missouri | 82, 83 |
| | Augustus | Hiram, Ohio | 99 |
| | September | Kirtland, Ohio | 84 |
| | November | Kirtland, Ohio | 85 |
| | Desember | Kirtland, Ohio | 86, 87*, 88 |
| 1833 | Februarie | Kirtland, Ohio | 89 |
| | Maart | Kirtland, Ohio | 90, 91, 92 |
| | Mei | Kirtland, Ohio | 93 |
| | Junie | Kirtland, Ohio | 95, 96 |
| | Augustus | Kirtland, Ohio | 94, 97, 98 |
| | Oktober | Perrysburg, New York | 100 |
| | Desember | Kirtland, Ohio | 101 |
| 1834 | Februarie | Kirtland, Ohio | 102, 103 |
| | April | Kirtland, Ohio | 104* |
| | Junie | Fishing-rivier, Missouri | 105 |
| | November | Kirtland, Ohio | 106 |
| 1835 | April | Kirtland, Ohio | 107 |
| | Augustus | Kirtland, Ohio | 134 |
| | Desember | Kirtland, Ohio | 108 |
| 1836 | Januarie | Kirtland, Ohio | 137 |
| | Maart | Kirtland, Ohio | 109 |
| | April | Kirtland, Ohio | 110 |
| | Augustus | Salem, Massachusetts | 111 |
| 1837 | Julie | Kirtland, Ohio | 112 |
| 1838 | Maart | Far West, Missouri | 113* |
| | April | Far West, Missouri | 114, 115 |
| | Mei | Spring Hill, Davies-distrik, Missouri | 116 |
| | Julie | Far West, Missouri | 117, 118, 119, 120 |
| 1839 | Maart | Liberty-gevangenis, Clay-distrik, Missouri | 121, 122, 123 |
| 1841 | Januarie | Nauvoo, Illinois | 124 |
| | Maart | Nauvoo, Illinois | 125 |
| | Julie | Nauvoo, Illinois | 126 |
| 1842 | September | Nauvoo, Illinois | 127, 128 |
| 1843 | Februarie | Nauvoo, Illinois | 129 |
| | April | Ramus, Illinois | 130 |
| | Mei | Ramus, Illinois | 131 |
| | Julie | Nauvoo, Illinois | 132 |
| 1844 | Junie | Nauvoo, Illinois | 135 |
| 1847 | Januarie | Winter Quarters (nou Nebraska) | 136 |
| 1890 | Oktober | Salt Lake City, Utah | Amptelike Verklaring 1 |
| 1918 | Oktober | Salt Lake City, Utah | 138 |
| 1978 | Junie | Salt Lake City, Utah | Amptelike Verklaring 2 |

*By of naby plek aangedui

DIE

# LEER EN VERBONDE

## AFDELING 1

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, op 1 November 1831, tydens 'n spesiale konferensie van ouderlinge van die Kerk, gehou te Hiram, Ohio. Talle openbarings was voor hierdie tyd van die Here ontvang, en die samestelling daarvan vir publikasie in boekvorm was een van die hoofonderwerpe wat goedgekeur is op die konferensie. Hierdie afdeling vorm die Here se voorwoord tot die leerstellings, verbonde, en gebooie wat gegee is in hierdie tydvak.*

*1–7, Die waarskuwende stem is tot alle mense; 8–16, Afvalligheid en boosheid gaan die Tweede Koms vooraf; 17–23, Joseph Smith word geroep om die Here se waarhede en magte op die aarde te herstel; 24–33, Die Boek van Mormon word voortgebring en die ware kerk word gevestig; 34–36, Vrede sal van die aarde geneem word; 37–39, Ondersoek hierdie gebooie.*

SLAAN ag, o jullie volk van my
[a]kerk, sê die stem van Hom
wat omhoog woon, en wie se [b]oë
op alle mense is; ja, voorwaar Ek
sê: [c]Slaan ag julle volke van ver;
en julle wat op die eilande van die
see is, luister tesame.
2 Want voorwaar, die [a]stem van
die Here is tot alle mense, en daar
is [b]niemand wat sal ontvlug nie;
en daar is geen oog wat nie sal
sien nie, nóg oor wat nie sal hoor,
nóg [c]hart wat nie deurdring sal
word.
3 En die [a]rebelses sal deurboor
word met veel droefheid; want
hulle ongeregtighede sal van die
huise se dakke [b]geuiter word, en
hul geheime dade sal geopenbaar
word.
4 En die [a]stem van waarskuwing
sal tot alle mense wees, by monde
van my dissipels wat Ek gekies
het in hierdie [b]laaste dae.
5 En hulle sal uitgaan en niemand sal hulle keer nie, want Ek
die Here het hulle gebied.
6 Kyk, dit is my [a]gesag, en die
gesag van my diensknegte, en my
voorwoord tot die boek van my

**1** 1*a* 3 Ne. 27:3; L&V 20:1. GS Kerk van Jesus Christus.
*b* L&V 38:7–8. GS God, Godheid.
*c* Deut. 32:1.
2*a* L&V 133:16.
*b* Filip. 2:9–11.
*c* GS Hart.
3*a* GS Rebellie.
*b* Lk. 8:17; 12:3; 2 Ne. 27:11; Morm. 5:8.
4*a* Eség. 3:17–21; L&V 63:37. GS Sendingwerk; Waarsku, Waarskuwing.
*b* GS Laaste Dae.
6*a* GS Jesus Christus—Gesag.

gebooie, wat Ek hulle gegee het
om vir julle te [b]publiseer, o inwo-
ners van die aarde.
7 Daarom, [a]vrees en bewe, o
julle volke, want wat Ek die
Here beveel het in hulle sal [b]ver-
vul word.
8 En voorwaar Ek sê vir julle, dat
hulle wat uitgaan, wat hierdie ty-
dings neem na die inwoners van
die aarde, aan hulle word mag ge-
gee om beide op die aarde en in
die hemel te [a]verseël, die ongelo-
wiges en die [b]rebelses;
9 Ja, voorwaar, om hulle te ver-
seël vir die dag wanneer die
[a]toorn van God uitgestort sal
word op die [b]bose sonder maat—
10 Vir die [a]dag wanneer die Here
sal kom om elke mens te [b]vergeld
na sy [c]werke, en om elke mens te
[d]meet volgens die maat waarmee
hy aan sy medemens gemeet het.
11 En nou, die stem van die Here
is tot die eindes van die aarde, so-
dat almal wat wil hoor, mag hoor:
12 Berei julle voor, berei julle
voor vir dit wat sal kom, want
die Here is naby;
13 En die [a]toorn van die Here is
ontvlam, en sy [b]swaard is gebaai
in die hemel, en dit sal op die in-
woners van die aarde val.
14 En die [a]arm van die Here sal
geopenbaar word; en die dag kom
dat hulle wat nie die stem van die
Here wil [b]hoor nie, nóg die stem
van sy diensknegte, nóg [c]ag slaan
op die woorde van die profete en
apostels, sal [d]afgesny word vanuit
die midde van die volk;
15 Want hulle het [a]afgedwaal
van my [b]ordinansies, en het my
[c]ewigdurende verbond [d]verbreek;
16 Hulle [a]soek nie die Here om
sy regverdigheid te vestig nie,
maar elke mens wandel op sy [b]eie
[c]weg, en na die [d]beeld van sy eie
god, wie se beeld is na die gelyke-
nis van die wêreld, en wie se aard
dit is van ′n afgod, wat [e]oud word
en sal vergaan in [f]Babilon, en wel
Babilon die grote, wat sal val.
17 En nou, Ek die Here, wetende
die rampspoed wat sou kom oor
die [a]inwoners van die aarde, het
Ek my dienskneg Joseph Smith,
Jr. geroep, en met hom vanuit die
hemel gespreek, en hom gebooie
gegee;

6*b* L&V 72:21.
7*a* Deut. 5:29; Pred. 12:13.
*b* L&V 1:38.
8*a* GS Verseël, Verseëling.
*b* GS Rebellie.
9*a* Openb. 19:15–16; 1 Ne. 22:16–17.
*b* Mosia 16:2; JS—M 1:31, 55.
10*a* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
*b* Eség. 7:4; L&V 56:19. GS Jesus Christus—Regter.
*c* Spr. 24:12; Alma 9:28; 41:2–5; L&V 6:33.
*d* Matt. 7:2.
13*a* L&V 63:6.
*b* Eség. 21:3; L&V 35:14.
14*a* Jes. 53:1.
*b* 2 Ne. 9:31; Mosia 26:28.
*c* L&V 11:2.
*d* Hand. 3:23; Alma 50:20; L&V 50:8; 56:3.
15*a* Jos. 23:16; Jes. 24:5.
*b* GS Ordinansies.
*c* GS Afval.
*d* GS Nuwe en Ewigdurende Verbond.
16*a* Matt. 6:33.
*b* Jes. 53:6.
*c* L&V 82:6.
*d* Ex. 20:4; 3 Ne. 21:17. GS Afgodery.
*e* Jes. 50:9.
*f* L&V 64:24; 133:14. GS Babel, Babilon; Wêreldsheid.
17*a* Jes. 24:1–6.

18 En ook gebooie gegee aan an-
dere, dat hulle hierdie dinge moet
verkondig aan die wêreld; en dit
alles sodat dit vervul mag word,
wat geskryf is deur die profete—
19 Die [a]swak dinge van die wê-
reld sal na vore kom en die mag-
tiges en sterkes afbreek, sodat die
mens nie sy medemens moet raad-
gee nie, nóg [b]vertrou op die arm
van vlees—
20 Maar dat elke mens in die
Naam van God die Here mag
[a]spreek, naamlik die Saligmaker
van die wêreld;
21 Sodat geloof ook mag toeneem
op die aarde;
22 Sodat my ewigdurende [a]ver-
bond gevestig mag word;
23 Sodat die volheid van my
[a]evangelie [b]verkondig mag word
deur die [c]swakkes en eenvoudiges
tot aan die eindes van die wêreld,
en voor konings en heersers.
24 Kyk, Ek is God en het dit ge-
spreek; hierdie [a]gebooie is van My,
en is gegee aan my diensknegte in
hul swakheid, na die wyse van
hulle [b]taal, sodat hulle tot [c]begrip
mag kom.
25 En in soverre hulle gedwaal
het, mag dit bekendgemaak word;
26 En in soverre hulle [a]wysheid
gesoek het, mag hulle onderrig
word;
27 En in soverre hulle gesondig
het, mag hulle [a]getugtig word, so-
dat hulle mag [b]bekeer;
28 En in soverre hulle [a]nede-
rig was, mag hulle sterk gemaak
word, en geseënd van omhoog,
en [b]kennis ontvang van tyd tot
tyd.
29 En nadat hy die kroniek van
die Nefiete ontvang het, ja, naam-
lik my dienskneg Joseph Smith,
Jr., sal hy mag hê om deur die
barmhartigheid van God, deur
die krag van God, Die [a]Boek van
Mormon te vertaal.
30 En ook diegene aan wie hier-
die gebooie gegee is, [a]mag sal hê
om die fondament van hierdie
[b]kerk te lê, en om dit uit duister-
nis en uit [c]donkerte te bring, die
enigste ware en lewende [d]kerk op
die aangesig van die hele aarde,
waarin Ek, die Here, 'n [e]welbehae
het, sprekende tot die kerk as ge-
heel en nie individueel nie—

19*a* Hand. 4:13; 1 Kor. 1:27; L&V 35:13; 133:58–59. GS Sagmoedig, Sagmoedigheid.
*b* 2 Ne. 28:31. GS Vertrou.
20*a* GS Getuig.
22*a* L&V 39:11. GS Nuwe en Ewigdurende Verbond; Verbond.
23*a* GS Evangelie.
*b* GS Sendingwerk.
*c* 1 Kor. 1:26–29.
24*a* 2 Ne. 33:10–11; Moro. 10:27–28.
*b* 2 Ne. 31:3; Ether 12:39.
*c* L&V 50:12. GS Begrip.
26*a* Jak. 1:5; L&V 42:68. GS Wysheid.
27*a* GS Kasty, Kastyding.
*b* GS Bekeer, Bekering.
28*a* GS Nederig, Nederigheid.
*b* GS Kennis.
29*a* GS Boek van Mormon.
30*a* L&V 1:4–5, 17–18.
*b* GS Herstelling van die Evangelie; Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, Die.
*c* GS Duisternis, Geestelike.
*d* Efés. 4:5, 11–14. GS Kerk, Tekens van die Ware.
*e* L&V 38:10.

31 Want Ek die Here kan nie
[a]sonde aanskou met die gering-
ste mate van aanvaarding nie;
32 Nietemin, hy wat bekeer en
die gebooie van die Here onder-
hou sal [a]vergewe word;
33 En hy wat nie [a]bekeer nie, van
hom sal [b]geneem word selfs die
lig wat hy ontvang het; want my
[c]Gees sal nie altyd op die mens
[d]inwerk nie, sê die Here van die
Leërskare.
34 En verder, voorwaar Ek sê vir
julle, o inwoners van die aarde:
Ek die Here is gewillig om hier-
die dinge bekend te maak aan
[a]alle vlees;
35 Want Ek is geen [a]aannemer
van persone nie, en wil dat alle
mense moet weet dat die [b]dag
spoedig kom; die uur is nog nie,
maar is op hande, wanneer [c]vrede
van die aarde geneem sal word,
en die [d]duiwel sal mag hê oor sy
eie ryk.
36 En ook, die Here sal mag hê
oor sy [a]heiliges, en sal [b]heers in
hul [c]midde, en sal neerkom met
[d]oordeel op [e]Iduméa, of die wê-
reld.
37 Ondersoek hierdie [a]gebooie,
want hulle is waar en betrou-
baar, en die profesieë en [b]belof-
tes wat in hulle is, sal alles vervul
word.
38 Wat Ek die Here gespreek
het, het Ek gespreek, en Ek ver-
ontskuldig Myself nie; en al gaan
die hemele en die aarde verby,
my [a]woord sal nie verbygaan
nie, maar alles sal [b]vervul word,
hetsy deur my eie [c]stem of deur
die stem van my [d]diensknegte, dit
is [e]dieselfde.
39 Want kyk, en sien, die Here is
God, en die [a]Gees lewer getuienis,
en die getuienis is waar, en die
[b]waarheid bly vir ewig en ewig.
Amen.

---

31*a* Alma 45:16; L&V 24:2. GS Sonde.
32*a* L&V 58:42–43. GS Vergewe.
33*a* Mosia 26:32.
*b* Alma 24:30; L&V 60:2–3.
*c* GS Heilige Gees.
*d* Gén. 6:3; 2 Ne. 26:11; Morm. 5:16; Ether 2:15; Moro. 9:4.
34*a* Matt. 28:19; L&V 1:2; 42:58.
35*a* Deut. 10:17; Hand. 10:34; Moro. 8:12; L&V 38:16.
*b* GS Laaste Dae.
*c* L&V 87:1–2. GS Tekens van die Tye; Vrede.
*d* GS Duiwel.
36*a* GS Heilige.
*b* GS Jesus Christus—Christus se heerskappy in die Millennium.
*c* Sag. 2:10–11; L&V 29:11; 84:118–119.
*d* GS Regter, Oordeel.
*e* GS Wêreld.
37*a* GS Skrifture.
*b* L&V 58:31; 62:6; 82:10.
38*a* 2 Kon. 10:10; Matt. 5:18; 24:35; 2 Ne. 9:16; JS—M 1:35.
*b* L&V 101:64.
*c* Deut. 18:18; L&V 18:33–38; 21:5. GS Openbaring; Stem.
*d* GS Profeet.
*e* GS Gesag; Onderskraging van Kerkleiers.
39*a* 1 Joh. 5:6; L&V 20:27; 42:17.
*b* GS Waarheid.

# AFDELING 2

*'n Uittreksel uit Joseph Smith se geskiedenis betreffende die woorde van die engel Moroni aan Joseph Smith die Profeet, terwyl in die huis van die Profeet se vader te Manchester, New York, op die aand van 21 September 1823. Moroni was die laaste van talle geskiedskrywers wat die kroniek gemaak het wat nou voor die wêreld is as die Boek van Mormon. (Vergelyk Maleági 4:5–6; asook afdelings 27:9; 110:13–16; en 128:18.)*

*1, Elía sal die priesterskap openbaar; 2–3, Die beloftes van die vaders word geplant in die harte van die kinders.*

Kyk, Ek sal aan julle die Priesterskap openbaar, deur die hand van [a]Elía die profeet, voor die koms van die [b]groot en vreeslike dag van die Here.

2 En [a]hy sal in die harte van die kinders die [b]beloftes plant wat gemaak is aan die vaders, en die harte van die kinders sal keer tot hul vaders.

3 Indien dit nie so was nie, sou die hele aarde volkome verwoes word by sy koms.

# AFDELING 3

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet, te Harmony, Pennsilvanië, Julie 1828, in verband met die verlies van 116 bladsye van die manuskrip vertaal van die eerste deel van die Boek van Mormon, wat die Boek van Lehi genoem is. Die Profeet het teësinnig toegelaat dat hierdie bladsye onder sy toesig uitgaan na dié van Martin Harris, wat vir 'n kort tydjie gedien het as skrywer tydens die vertaling van die Boek van Mormon. Die openbaring is deur die Urim en Tummim gegee. (Sien afdeling 10.)*

*1–4, Die Here se verloop is een ewige kringloop; 5–15, Joseph Smith moet bekeer of die gawe verloor om te vertaal; 16–20, Die Boek van Mormon kom te voorskyn om die saad van Lehi te red.*

Die [a]werke, en die planne, en die doelstellings van God kan nie verydel word nie, nóg kan hulle misluk.

2 Want [a]God wandel nie op krom paaie nie, nóg wend Hy

**2** 1*a* Mal. 4:5–6; 3 Ne. 25:5–6; L&V 110:13–15; 128:17; JS—G 1:38–39. GS Elía; Sleutels van die Priesterskap.
*b* L&V 34:6–9; 43:17–26.
2*a* L&V 27:9; 98:16–17.
*b* GS Heil vir die Dode; Verseël, Verseëling.
**3** 1*a* Ps. 8:3–9; L&V 10:43.
2*a* Alma 7:20. GS God, Godheid.

Hom na die regter- of die linkerhand, nóg wyk hy af van dit wat Hy gesê het, daarom is sy paaie reguit, en sy [b]verloop is een ewige kringloop.

3 Onthou, onthou dat dit nie die [a]werk van God is wat verydel word nie, maar die werk van mense;

4 Want alhoewel ′n mens vele openbaringe mag ontvang, en krag het om vele magtige werke te doen, en as hy nogtans [a]roem in sy eie krag, en die [b]raadgewinge van God as nietig beskou, en sy eie wil en [c]vleeslike begeertes najaag, moet hy val en die [d]wraak ontgeld van ′n regverdige God.

5 Kyk, jy is toevertrou met hierdie dinge, maar hoe streng was jou gebooie; en onthou ook die beloftes wat aan jou gemaak is, indien jy hulle nie oortree nie.

6 En kyk, hoe dikwels het jy die gebooie en die wette van God [a]oortree, en het gehoor gegee aan die [b]oorredinge van mense.

7 En, kyk, jy moes nie die mens meer [a]gevrees het as God nie. Alhoewel mense die raadgewinge van God as nietig beskou, en sy woorde [b]verag—

8 Tog moes jy getrou gewees het; en Hy sou sy arm uitgestrek en jou beskerm het teen al die vurige [a]pyle van die [b]teenstander; en Hy sou by jou gewees het in elke tyd van [c]nood.

9 Kyk, jy is Joseph, en jy is gekies om die werk van die Here te doen, maar vanweë oortreding, as jy nie waaksaam is nie, sal jy val.

10 Maar onthou, God is barmhartig; daarom, bekeer van dit wat jy gedoen het wat teenstrydig is met die gebod wat Ek jou gegee het, en jy is steeds gekose, en word weer geroep tot die werk;

11 Tensy jy dit doen, sal jy oorgelewer word en word soos ander mense, en sal nie meer ′n gawe hê nie.

12 En toe jy dit oorhandig het wat God jou sig en krag gegee het om te [a]vertaal, het jy dit oorhandig wat heilig was in die hande van ′n bose [b]man,

13 Wat die raadgewinge van God as nietig beskou het, en die heiligste beloftes wat voor God gemaak is verbreek het, en staatgemaak het op sy eie oordeel en [a]geroem het in sy eie wysheid.

14 En dit is die rede waarom jy jou voorregte vir ′n tydperk verloor het—

2*b* 1 Ne. 10:18–19; L&V 35:1.
3*a* Hand. 5:38–39; Morm. 8:22; L&V 10:43.
4*a* L&V 84:73. GS Hoogmoed.
*b* Jakob 4:10; Alma 37:37. GS Gebooie van God; Raad.
*c* GS Vleeslik.
*d* GS Wraak.
6*a* L&V 5:21; JS—G 1:28–29.
*b* L&V 45:29; 46:7.
7*a* Ps. 27:1; Lk. 9:26; L&V 122:9. GS Moed, Moedig; Vrees.
*b* Lev. 26:42–43; 1 Ne. 19:7; Jakob 4:8–10.
8*a* Efés. 6:16; 1 Ne. 15:24; L&V 27:17.
*b* GS Duiwel.
*c* Alma 38:5.
12*a* L&V 1:29; 5:4.
*b* L&V 10:6–8.
13*a* GS Hoogmoed.

15 Want jy het toegelaat dat die raad van jou [a]leidsman vertrap word vanaf die begin.

16 Nietemin, my werk sal uitgaan, want in soverre die kennis van 'n [a]Saligmaker tot die wêreld gekom het, deur die [b]getuienis van die Jode, net so sal die [c]kennis van 'n Saligmaker tot my volk kom—

17 En tot die [a]Nefiete, en die Jakobiete, en die Josefiete, en die Zoramiete, deur die getuienis van hul vaders—

18 En hierdie [a]getuienis sal tot die kennis kom van die [b]Lamaniete, en die Lemueliete, en die Ismaeliete, wat in ongeloof [c]gekwyn het vanweë die ongeregtigheid van hul vaders, wat die Here toegelaat het om hul broers die Nefiete te [d]vernietig, vanweë hul ongeregtighede en hul gruwels.

19 En vir hierdie juiste [a]doel is hierdie [b]plate bewaar, wat hierdie kronieke bevat—sodat die [c]beloftes van die Here vervul mag word, wat Hy aan sy volk gemaak het;

20 En dat die [a]Lamaniete mag kom tot die kennis van hul vaders, en dat hulle die beloftes van die Here mag ken, en dat hulle die evangelie mag [b]glo en [c]vertrou op die verdienstes van Jesus Christus, en [d]verheerlik word deur geloof in sy Naam, en dat deur hulle bekering hulle gered mag word. Amen.

## AFDELING 4

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan sy vader, Joseph Smith Snr., te Harmony, Pennsilvanië, Februarie 1829.*

*1–4, Moedige diens red die Here se dienaars; 5–6, Goddelike eienskappe kwalifiseer hulle vir die bediening; 7, Die dinge van God moet nagestreef word.*

NOU kyk, 'n [a]wonderbaarlike werk is aan die kom onder die kinders van mense.

2 Daarom, o julle wat in die [a]diens tree van God, sien toe dat julle Hom [b]dien met julle hele

15*a* DI Die Here.
16*a* GS Saligmaker.
*b* 1 Ne. 13:23–25; 2 Ne. 29:4–6.
*c* Mosia 3:20.
17*a* 2 Ne. 5:8–9.
18*a* GS Boek van Mormon.
*b* 2 Ne. 5:14; Enos 1:13–18.
*c* 2 Ne. 26:15–16.
*d* Morm. 8:2–3.
19*a* 1 Ne. 9:3, 5.
*b* GS Goue Plate.
*c* 3 Ne. 5:14–15; L&V 10:46–50.
20*a* 2 Ne. 30:3–6; L&V 28:8; 49:24.
*b* Morm. 3:19–21.
*c* 2 Ne. 31:19; Moro. 6:4.
*d* Moro. 7:26, 38.
**4** 1*a* Jes. 29:14; 1 Ne. 14:7; 22:8; L&V 6:1; 18:44. GS Herstelling van die Evangelie.
2*a* GS Diens.
*b* Jos. 22:5; 1 Sam. 7:3; L&V 20:19; 76:5.

[c]hart, mag, verstand en krag, so-
dat julle [d]skuldeloos mag staan
voor God op die laaste dag.
3 Daarom, as julle begeertes het
om God te dien, is julle [a]geroep
tot die werk;
4 Want kyk, die [a]veld is alreeds
wit vir die [b]oes; en kyk, hy wat sy
sekel insteek met sy mag, hy [c]gaar
op sodat hy nie vergaan nie, maar
bring heil vir sy siel.
5 En [a]geloof, [b]hoop, [c]naaste-
liefde en [d]liefde, met 'n [e]oog enkel
gerig op die [f]heerlikheid van God,
kwalifiseer hom vir die werk.
6 Onthou geloof, [a]deug, kennis,
selfbeheersing, [b]geduld, broeder-
liefde, godsvrug, naasteliefde,
[c]ootmoed, [d]ywer.
7 [a]Vra, en julle sal ontvang; klop
en dit sal vir julle oopgemaak
word. Amen.

# AFDELING 5

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Harmony, Pennsilvanië, Maart 1829, op die versoek van Martin Harris.*

*1–10, Hierdie geslag sal die Here se woord ontvang deur Joseph Smith; 11–18, Drie getuies sal getuig van die Boek van Mormon; 19–20, Die woord van die Here sal bewaarheid word soos in vroeëre tye; 21–35, Martin Harris mag bekeer en een van die getuies wees.*

KYK, Ek sê vir jou, dat aangesien
my dienskneg [a]Martin Harris 'n
getuienis verlang deur my hand,
dat jy, my dienskneg Joseph Smith,
Jr., die [b]plate het waarvan jy
getuienis gelewer het en bevestig
het dat jy dit ontvang het van My;
2 En nou, kyk, dit sal jy vir hom
sê—Hy wat met jou gespreek het,
het vir jou gesê: Ek, die Here, is
God, en het hierdie dinge aan
jou gegee, my dienskneg, Joseph
Smith, Jr., en het jou gebied dat jy
moet staan as 'n [a]getuie van hier-
die dinge;
3 En Ek het jou 'n verbond laat
sluit met My, dat jy hulle nie sou
toon nie, behalwe aan daardie
[a]persone aan wie Ek jou gebied

2*c* GS Hart; Verstand.
*d* 1 Kor. 1:8; Jakob 1:19; 3 Ne. 27:20.
3*a* L&V 11:4, 15; 36:5; 63:57. GS Roep, Geroepe van God, Roeping.
4*a* Joh. 4:35; Alma 26:3–5; L&V 11:3; 33:3, 7.
*b* GS Oes.
*c* 1 Tim. 6:19.
5*a* GS Geloof, Glo.
*b* GS Hoop.
*c* GS Naasteliefde.
*d* GS Liefde.
*e* Ps. 141:8; Matt. 6:22; Morm. 8:15.
*f* GS Heerlikheid.
6*a* GS Deugsaamheid.
*b* GS Geduld.
*c* GS Nederig, Nederigheid.
*d* GS Ywer.
7*a* Matt. 7:7–8; 2 Ne. 32:4. GS Gebed.
**5** 1*a* L&V 5:23–24; JS—G 1:61.
*b* GS Goue Plate.
2*a* GS Getuie.
3*a* 2 Ne. 27:13. Sien ook "Die Getuienis van Drie Getuies" en "Die Getuienis van Agt Getuies" in die inleidende bladsy van die boek van Mormon.

het; en jy het geen [b]mag oor hulle
nie tensy Ek dit aan jou gee.
4 En jy het ′n gawe om die plate
te vertaal; en dit is die eerste gawe
wat Ek aan jou geskenk het; en Ek
het jou gebied dat jy op geen ander
gawe aanspraak moet maak tot-
dat my doeleindes hierin vervul is
nie, want Ek sal aan jou geen an-
der gawe gee tot dit voltooi is nie.
5 Voorwaar, Ek sê vir jou, dat el-
lende sal kom oor die inwoners
van die aarde as hulle [a]nie sal ag
slaan op my woorde nie;
6 Want hierna sal jy [a]geordineer
word en uitgaan en my [b]woorde
spreek tot die kinders van mense.
7 Kyk, as hulle nie my woorde
wil [a]glo nie, sou hulle jou nie glo
nie, my dienskneg Joseph, al sou
dit moontlik wees dat jy hulle al
hierdie dinge sou wys wat Ek aan
jou toevertrou het.
8 O, hierdie [a]ongelowige en
[b]hardnekkige geslag—my toorn
is ontvlam teen hulle.
9 Kyk, voorwaar Ek sê vir jou,
Ek het daardie dinge [a]teruggehou
wat Ek aan jou toevertrou het, my
dienskneg Joseph, vir ′n wyse
doel in My, en dit sal bekendge-
maak word aan toekomstige ge-
slagte;
10 Maar hierdie geslag sal my
woord ontvang deur jou;
11 En aanvullend tot jou getuie-
nis, die [a]getuienis van drie van
my diensknegte, wat Ek sal roep
en ordineer, aan wie Ek hierdie
dinge sal wys, en hulle sal uitgaan
met my woorde wat gegee word
deur jou.
12 Ja, hulle sal vir seker weet dat
hierdie dinge waar is, want van-
uit die hemel sal Ek dit verklaar
aan hulle.
13 Ek sal aan hulle krag gee dat
hulle mag kyk en hierdie dinge
beskou soos hulle is;
14 En aan [a]niemand anders sal
Ek hierdie krag gee, om hierdie
selfde getuienis te ontvang on-
der hierdie geslag nie, in hier-
die die begin van die opkoms
en verskyning van my [b]kerk uit
die wildernis—mooi soos die
[c]maan, en helder soos die son,
en verskriklik soos ′n leër met
baniere.
15 En die getuienis van drie
[a]getuies sal Ek uitstuur van my
woord.
16 En kyk, wie ook al in my
woorde [a]glo, hulle sal Ek [b]be-
soek met die [c]openbaring van my
[d]Gees; en hulle sal [e]gebore word

3*b* 2 Ne. 3:11.
5*a* Jer. 26:4–5; Alma 5:37–38; L&V 1:14.
6*a* L&V 20:2–3. GS Ordineer, Ordinering.
*b* 2 Ne. 29:7.
7*a* Lk. 16:27–31; L&V 63:7–12.
8*a* GS Ongeloof.
*b* Morm. 8:33. GS Hoogmoed.
9*a* Alma 37:18.
11*a* 2 Ne. 27:12; Ether 5:3–4; L&V 17:1–5.
14*a* 2 Ne. 27:13.
*b* GS Herstelling van die Evangelie; Kerk van Jesus Christus.
*c* L&V 105:31; 109:73.
15*a* L&V 17. GS Getuies van die Boek van Mormon.
16*a* Ether 4:11.
*b* 1 Ne. 2:16.
*c* L&V 8:1–3.
*d* GS Heilige Gees.
*e* GS Doop; Gawe van die Heilige Gees; Wedergebore, Gebore uit God.

uit My, naamlik uit water en uit die Gees—

17 En julle moet nog ʼn rukkie wag, want julle is nog nie [a]georden nie—

18 En hulle getuienis sal ook uitgaan tot die [a]veroordeling van hierdie geslag as hulle hul harte verhard teen hulle;

19 Want ʼn verwoestende [a]gésel sal uitgaan onder die inwoners van die aarde en sal voortduur om uitgestort te word van tyd tot tyd, as hulle [b]nie bekeer nie, totdat die aarde [c]leeg is, en die inwoners daarvan verteer word en heeltemal vernietig word deur die ligglans van my [d]koms.

20 Kyk, Ek vertel jou hierdie dinge, net soos Ek ook die volk [a]vertel het van die vernietiging van Jerusalem; en my [b]woord sal bewaarheid word in hierdie tyd soos dit tot dusver bewaarheid is.

21 En nou gebied Ek jou, my dienskneg Joseph, om te bekeer en meer opreg te wandel voor My, en nie meer toe te gee aan die oorredinge van mense nie.

22 En dat jy standvastig sal wees om die gebooie te [a]onderhou waarmee Ek jou gebied het; en as jy dit doen, kyk Ek gee jou die ewige lewe, selfs al sou jy [b]gedood word.

23 En nou weer spreek Ek tot jou, my dienskneg Joseph, aangaande die [a]man wat die getuienis begeer—

24 Kyk, Ek sê vir hom, hy verhef homself en verootmoedig homself nie genoegsaam voor My nie; maar as hy sal neerbuig voor My, en homself verootmoedig in magtige gebed en geloof, in die opregtheid van sy hart, dan sal Ek aan hom ʼn [a]blik gee van die dinge wat hy begeer om te sien.

25 En dan sal hy vir die mense van hierdie geslag sê: Kyk, ek het die dinge gesien wat die Here gewys het aan Joseph Smith, Jr., en ek [a]weet vir seker dat hulle waar is, want ek het hulle gesien, want hulle is aan my gewys deur die krag van God en nie van die mens nie.

26 En Ek die Here gebied hom, my dienskneg Martin Harris, dat hy niks meer sal sê vir hulle aangaande hierdie dinge nie, behalwe dat hy sal sê: Ek het hulle gesien, en dat hulle aan my gewys is deur die krag van God; en dit is die woorde wat hy sal sê.

27 Maar as hy dit ontken sal hy die verbond verbreek wat hy vroeër met My gesluit het, en kyk, hy word veroordeel.

28 En nou, tensy hy homself

17*a* GS Gesag; Ordineer, Ordinering.
18*a* 1 Ne. 14:7; L&V 20:13–15.
19*a* L&V 29:8; 35:11; 43:17–27. GS Laaste Dae; Tekens van die Tye.
*b* GS Bekeer, Bekering.
*c* Jes. 24:1, 5–6.
*d* Jes. 66:15–16; L&V 133:41. GS Tweede Koms van Jesus Christus.
20*a* 1 Ne. 1:18; 2 Ne. 25:9.
*b* L&V 1:38.
22*a* GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
*b* Alma 60:13; L&V 6:30; 135.
23*a* L&V 5:1.
24*a* Sien "Die Getuienis van Drie Getuies" in die voorwerk van die Boek van Mormon.
25*a* Ether 5:3.

verootmoedig en aan My die dinge beken wat hy gedoen het wat verkeerd is, en met My ʼn verbond gesluit dat hy my gebooie sal onderhou, en geloof beoefen in My, kyk, Ek sê vir hom, hy sal geen sodanige besigtiging hê nie, want Ek sal geen besigtiging aan hom gee van die dinge waarvan Ek gespreek het nie.

29 En as dit die geval is, gebied Ek jou, my dienskneg Joseph, dat jy vir hom sal sê, dat hy niks meer sal doen nie, nóg My meer hinder aangaande hierdie saak.

30 En as dit die geval is, kyk, Ek sê vir jou Joseph, wanneer jy nog ʼn paar bladsye vertaal het, sal jy ophou vir ʼn tydperk, en wel tot Ek jou weer gebied; dan mag jy weer vertaal.

31 En tensy jy dit doen, kyk, jy sal nie meer ʼn gawe hê nie, en Ek sal die dinge wegneem wat Ek aan jou toevertrou het.

32 En nou, omdat Ek voorsien wat lê en wag om jou te vernietig, ja, Ek voorsien dat as my dienskneg Martin Harris homself nie verootmoedig en ʼn getuienis deur my hand ontvang nie, dat hy in oortreding sal verval;

33 En daar is vele wat lê en wag om jou te [a]vernietig vanaf die aangesig van die aarde; en om hierdie rede, dat jou dae verleng mag word, het Ek aan jou hierdie gebooie gegee.

34 Ja, om hierdie rede het Ek gesê: Stop, en staan stil tot Ek jou gebied, en Ek sal ʼn weg [a]voorberei waardeur jy die ding mag uitvoer wat Ek jou gebied het.

35 En as jy [a]getrou is om my gebooie te onderhou, sal jy [b]verhef word op die laaste dag. Amen.

## AFDELING 6

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet en Oliver Cowdery, te Harmony, Pennsilvanië, April 1829. Oliver Cowdery het sy werk as skrywer begin met die vertaling van die Boek van Mormon, 7 April 1829. Hy het alreeds ʼn goddelike openbaring ontvang van die waarheid van die Profeet se getuienis aangaande die plate waarop die Boek van Mormon kroniek gegraveer was. Die Profeet het by die Here deur die Urim en Tummim navraag gedoen en hierdie antwoord ontvang.*

*1–6, Arbeiders in die Here se veld verkry heil; 7–13, Daar is geen groter gawe as die gawe van heil nie; 14–27, ʼn Getuienis van die waarheid kom deur die krag van die Gees; 28–37, Sien op na Christus, en doen voortdurend goed.*

33*a* L&V 10:6; 38:13, 28.
34*a* 1 Ne. 3:7.
35*a* Ex. 15:26; L&V 11:20.
*b* Joh. 6:39–40; 1 Thes. 4:17; 3 Ne. 15:1; L&V 9:14; 17:8; 75:16, 22.

ʼn Groot en [a]wonderbaarlike
werk is aan die kom onder die
kinders van mense.
2 Kyk, Ek is God; gee gehoor
aan my [a]woord, wat lewend en
kragtig is, [b]skerper as ʼn twee-
snydende swaard, om van me-
kaar te skei beide gewrigte en
murg; daarom gee gehoor aan
my woord.
3 Kyk, die [a]veld is wit, gereed
vir die oes; daarom, wie ook al be-
geer om te oes, laat hom sy sekel
insteek met sy mag, en oes terwyl
die dag duur, dat hy mag opgaar
vir sy siel ewigdurende heil in die
koninkryk van God.
4 Ja, wie ook al sy sekel wil [a]in-
steek en oes, hy word geroep deur
God.
5 Daarom, as julle My [a]vra, sal
julle ontvang; as julle klop sal dit
vir julle oopgemaak word.
6 Nou, omdat julle gevra het,
kyk, Ek sê vir julle, onderhou my
gebooie, en [a]soek om die saak van
[b]Sion voort te bring en te vestig.
7 Moenie vir [a]rykdom [b]soek nie
maar vir [c]wysheid, en kyk, die
[d]verborgenhede van God sal ont-
vou word vir julle, en dan sal julle
ryk gemaak word. Kyk, hy wat
die [e]ewige lewe het is ryk.
8 Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir
jou, net soos jy van My begeer, so
sal dit vir jou wees; en as jy be-
geer, sal jy die middel wees om
veel goed te doen in hierdie ge-
slag.
9 Verkondig niks behalwe [a]be-
kering aan hierdie geslag nie;
onderhou my gebooie, en help
om my werk voort te bring, vol-
gens my gebooie, en jy sal geseën
word.
10 Kyk, jy het ʼn gawe, en ge-
seënd is jy vanweë jou gawe.
Onthou dit is [a]heilig en kom van
bo—
11 En as jy sal [a]vra, sal jy [b]ver-
borgenhede ken wat groot en
wonderbaarlik is; daarom sal jy
jou [c]gawe beoefen, sodat jy ver-
borgenhede mag uitvind, sodat jy
vele mag bring tot ʼn kennis van
die waarheid, ja, [d]oortuig hulle
van die dwaling van hul weë.
12 Moenie jou gawe bekend-
maak aan enigeen nie, behalwe
diegene wat van jou geloof is.
Moenie [a]heilige dinge ligtelik op-
neem nie.

**6** 1*a* Jes. 29:14; L&V 4; 18:44.
2*a* Hebr. 4:12; Openb. 1:16; L&V 27:1.
*b* Hel. 3:29; L&V 33:1.
3*a* Joh. 4:35; L&V 31:4; 33:3; 101:64.
4*a* Openb. 14:15–19; Alma 26:5; L&V 11:3–4, 27.
5*a* Matt. 7:7–8.
6*a* 1 Ne. 13:37.
*b* GS Sion.
7*a* 1 Kon. 3:10–13; Matt. 19:23; Jakob 2:18–19. GS Rykdom; Wêreldsheid.
*b* Alma 39:14; L&V 68:31.
*c* GS Wysheid.
*d* L&V 42:61, 65. GS Verborgenhede van God.
*e* L&V 14:7.
9*a* Alma 29:9; L&V 15:6; 18:14–15; 34:6. GS Bekeer, Bekering; Sendingwerk.
10*a* L&V 63:64.
11*a* L&V 102:23; JS—G 1:18, 26.
*b* Matt. 11:25; 13:10–11; Alma 12:9.
*c* GS Gawe; Gawes van die Gees.
*d* Jak. 5:20; Alma 62:45; L&V 18:44.
12*a* Matt. 7:6.

13 As jy wil goeddoen, ja, en [a]getrou [b]bly tot die [c]einde, sal jy gered word in die koninkryk van God, wat die grootste van al die gawes van God is; want daar is geen groter gawe as die gawe van [d]heil nie.

14 Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, geseënd is jy vanweë dit wat jy gedoen het; want jy het My [a]gevra, en kyk, so dikwels as wat jy gevra het, het jy onderrig ontvang van my Gees. As dit nie so was nie, sou jy nie tot die plek gekom het waar jy op hierdie tydstip is nie.

15 Kyk, jy weet dat jy My gevra het en Ek het jou [a]verstand verlig; en nou vertel Ek jou hierdie dinge sodat jy mag weet dat jy verlig is deur die Gees van waarheid;

16 Ja, Ek vertel jou, dat jy mag weet daar niemand anders is behalwe God wat jou gedagtes en die voornemens van jou [a]hart [b]ken nie.

17 Ek vertel jou hierdie dinge as ′n getuienis aan jou—dat die woorde of die werk wat jy besig is om te skryf, [a]waar is.

18 Daarom, wees [a]ywerig; [b]ondersteun my dienskneg Joseph getrou, in welke moeilike omstandighede hy mag wees vir die onthalwe van die woord.

19 Vermaan hom oor sy foute, en ontvang ook vermaning van hom. Wees geduldig; wees ernstig; wees matig; beoefen geduld, geloof, hoop en naasteliefde.

20 Kyk, jy is Oliver, en Ek het met jou gespreek vanweë jou begeertes; daarom, [a]bewaar hierdie woorde in jou hart. Wees getrou en ywerig om die gebooie van God te onderhou, en Ek sal jou omvou in die arms van my liefde.

21 Kyk, Ek is Jesus Christus, die [a]Seun van God. Ek is Hy wat na my [b]eie gekom het, en my eie het My nie ontvang nie. Ek is die [c]lig wat skyn in die [d]duisternis, en die duisternis begryp dit nie.

22 Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, as jy ′n verdere getuienis begeer, laat jou gedagtes gaan na die nag toe jy tot My geroep het in jou hart, sodat jy mag [a]weet aangaande die waarheid van hierdie dinge.

23 Het Ek nie [a]vrede tot jou verstand gespreek oor die saak nie? Watter groter [b]getuienis kan jy hê as van God?

24 En nou, kyk, jy het ′n getuienis ontvang; want as Ek vir jou

13 *a* Mosia 2:41; Ether 4:19; L&V 51:19; 63:47.
*b* 1 Ne. 15:24.
*c* GS Volhard.
*d* GS Heil.
14 *a* GS Gebed.
15 *a* GS Verstand.
16 *a* 1 Kon. 8:39.
*b* 1 Kron. 28:9; Matt. 12:25; Hebr. 4:12; Mosia 24:12; 3 Ne. 28:6. GS Alwetend.
17 *a* L&V 18:2.
18 *a* GS Ywer.
*b* L&V 124:95–96.
20 *a* Ether 3:21; L&V 84:85.
21 *a* GS Jesus Christus.
*b* Joh. 1:10–12; Hand. 3:13–17; 3 Ne. 9:16; L&V 45:8.
*c* Joh. 1:5; L&V 10:58. GS Lig, Lig van Christus.
*d* GS Duisternis, Geestelike.
22 *a* GS Onderskeiding, Gawe van.
23 *a* GS Vrede.
*b* 1 Joh. 5:9; L&V 18:2.

dinge vertel het wat geen mens
weet nie, het jy nie ’n getuienis
ontvang nie?
25 En kyk, Ek gee aan jou ’n
gawe, as jy van My begeer, om te
[a]vertaal, net soos my dienskneg
Joseph.
26 Voorwaar, voorwaar, Ek sê
vir jou, dat daar [a]kronieke is wat
veel bevat van my evangelie, wat
teruggehou is vanweë die [b]boos-
heid van die mense;
27 En nou Ek gebied jou, dat
as jy goeie begeertes het—’n be-
geerte om skatte vir jouself weg
te lê in die hemel—dan sal jy help
om aan die lig te bring, met jou
gawe, daardie gedeeltes van my
[a]skrifture wat verborge was van-
weë ongeregtigheid.
28 En nou, kyk, Ek gee aan jou,
en ook aan my dienskneg Joseph,
die sleutels van hierdie gawe, wat
hierdie bediening aan die lig sal
bring; en in die mond van twee of
drie [a]getuies sal elke woord ge-
vestig word.
29 Voorwaar, voorwaar, Ek sê
vir julle, as hulle my woorde ver-
werp, en hierdie gedeelte van my
evangelie en bediening, geseënd
is julle, want hulle kan niks meer
doen aan julle as aan My nie.
30 En selfs al [a]doen hulle aan
julle net soos hulle aan My ge-
doen het, geseënd is julle, want
julle sal met My [b]woon in [c]heer-
likheid.
31 Maar as hulle nie my woorde
[a]verwerp nie, wat gevestig sal
word deur die [b]getuienis wat ge-
gee sal word, geseënd is hulle,
en dan sal julle vreugde hê in die
vrug van julle arbeid.
32 Voorwaar, voorwaar, Ek sê
vir julle, soos Ek vir my dissi-
pels gesê het, waar twee of drie
[a]byeen is in my Naam, rakende
een ding, kyk, daar sal Ek wees
in hulle [b]midde—net so is Ek in
julle midde.
33 [a]Vrees nie om goed te doen
nie, my seuns, want wat julle [b]saai,
dit sal julle ook maai; daarom, as
julle goed saai, sal julle ook die
goeie maai vir jul loon.
34 Daarom, vrees nie, klein
kuddetjie; doen goed; laat die
aarde en die hel saamspan teen
julle, want as julle gebou is op
my [a]rots, kan hulle nie oorwin
nie.
35 Kyk, Ek veroordeel jou nie;
gaan heen en [a]sondig nie meer
nie; doen die werk met erns wat
Ek jou gebied het.

---

25*a* Mosia 8:13; L&V 5:4; 9:1–5, 10.
26*a* L&V 8:1; 9:2. GS Skrifture—Skrifture wat geprofeteer is om te voorskyn te kom.
*b* GS Boos, Boosheid.
27*a* L&V 35:20.
28*a* Deut. 19:15; 2 Kor. 13:1; 2 Ne. 27:12–14; L&V 128:3.
30*a* L&V 5:22; 135. GS Martelaar, Martelaarskap.
*b* Openb. 3:21.
*c* GS Heerlikheid.
31*a* 3 Ne. 16:10–14; L&V 20:8–15.
*b* GS Getuienis.
32*a* Matt. 18:19–20. GS Eenheid.
*b* L&V 29:5; 38:7.
33*a* GS Moed, Moedig.
*b* Gal. 6:7–8; Mosia 7:30–31; Alma 9:28; L&V 1:10.
34*a* Ps. 71:3; Matt. 7:24–25; 1 Kor. 10:1–4; Hel. 5:12; L&V 10:69; 18:4, 17; 33:13; Moses 7:53. GS Rots.
35*a* Joh. 8:3–11.

36 [a]Sien op na My in elke gedagte; twyfel nie, vrees nie.

37 [a]Beskou die wonde wat my sy deurboor het, en ook die merke van die [b]spykers in my hande en voete; wees getrou, onderhou my gebooie, en julle sal die [c]koninkryk van die hemel [d]beërwe. Amen.

# AFDELING 7

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet en Oliver Cowdery, te Harmony, Pennsilvanië, April 1829, toe hulle navraag gedoen het deur die Urim en Tummim of Johannes, die geliefde dissipel, vertoef het in die vlees of gesterf het. Die openbaring is 'n vertaalde weergawe van die kroniek gemaak op perkament deur Johannes en deur hom versteek.*

*1–3, Johannes die Geliefde sal lewe tot die Here kom; 4–8, Petrus, Jakobus en Johannes hou die sleutels van die evangelie.*

En die Here het vir my gesê: [a]Johannes, my geliefde, wat [b]begeer jy? Want as jy vra wat jy wil, sal dit aan jou gegee word.

2 En ek het vir Hom gesê: Here, gee aan my mag oor die [a]dood, sodat ek mag lewe en siele na U bring.

3 En die Here het vir my gesê: Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, omdat jy dit begeer, sal jy [a]vertoef tot Ek kom in my [b]heerlikheid, en sal [c]profeteer voor nasies, stamme, tale en volke.

4 En om hierdie rede het die Here vir Petrus gesê: As Ek wil hê dat hy vertoef totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan? Want hy het van my begeer dat hy siele na my mag bring, maar jy het begeer dat jy spoedig na My in my [a]koninkryk kom.

5 Ek sê vir jou, Petrus, dit was 'n goeie begeerte; maar my geliefde het begeer dat hy meer mag doen, of 'n nóg groter werk onder mense as wat hy voorheen gedoen het.

6 Ja, hy het 'n groter werk onderneem; daarom sal Ek hom maak soos 'n vlammende vuur en 'n [a]bedienende engel; hy sal diegene dien wat heil sal [b]beërwe wat op die [c]aarde woon.

---

36*a* Jes. 45:22; L&V 43:34.
37*a* GS Jesus Christus—Nadoodse verskynings van Christus.
*b* GS Kruisiging.
*c* GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
*d* Matt. 5:3, 10; 3 Ne. 12:3, 10.
**7** 1*a* GS Johannes, Seun van Sebedéüs.
*b* 3 Ne. 28:1–10.
2*a* Lk. 9:27. GS Dood, Fisiese.
3*a* Joh. 21:20–23. GS Getransfigureerde Wesens.
*b* GS Heerlikheid; Tweede Koms van Jesus Christus.
*c* Openb. 10:11.
4*a* GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
6*a* L&V 130:5.
*b* L&V 76:86–88.
*c* Joh. 10:8–11; L&V 77:14.

7 En Ek sal jou aanstel om hom te dien en vir jou broer Jakobus; en aan julle drie sal Ek hierdie krag gee en die [a]sleutels van hierdie bediening totdat Ek kom.

8 Voorwaar Ek sê vir julle, julle sal albei ontvang volgens julle begeertes, want julle albei [a]verbly julle in dit wat julle begeer het.

# AFDELING 8

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan Oliver Cowdery, te Harmony, Pennsilvanië, April 1829. In die loop van die vertaling van die Boek van Mormon het Oliver, wat voortgegaan het om te dien as skrywer, en geskryf het wat die Profeet gedikteer het, begeer om begiftig te word met die gawe van vertaling. Die Here het gehoor gegee aan sy smeking deur hierdie openbaring te gee.*

*1–5, Openbaring kom deur die mag van die Heilige Gees; 6–12, Kennis van die verborgenhede van God en die krag om antieke kronieke te vertaal kom deur geloof.*

[a]OLIVER Cowdery, voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou dat sowaar as die Here leef, wat jou God en jou Verlosser is, net so sekerlik sal jy 'n [b]kennis ontvang van watter dinge jy ook al sal [c]vra in geloof, met 'n eerlike hart, en glo dat jy 'n kennis sal ontvang aangaande die graverings van ou [d]kronieke, wat antiek is, wat daardie gedeeltes bevat van my skrifture waarvan gespreek is deur die [e]openbaring van my Gees.

2 Ja, kyk, Ek sal vir jou [a]sê in jou verstand en in jou [b]hart deur die [c]Heilige Gees, wat oor jou sal kom en wat in jou hart sal woon.

3 Nou, kyk, dit is die gees van openbaring; kyk, dit is die gees waardeur Moses die kinders van Israel deur die [a]Rooi See op droë grond gebring het.

4 Daarom, dit is jou gawe; gebruik dit, en geseënd is jy, want dit sal jou red uit die hande van jou vyande, terwyl, as dit nie so was nie, hulle jou sou doodmaak en jou siel tot vernietiging bring.

5 O, onthou hierdie [a]woorde, en onderhou my gebooie. Onthou, dit is jou gawe.

6 Nou, dit is nie jou enigste gawe nie; want jy het 'n ander gawe, wat die gawe is van Aäron,

---

7*a* Matt. 16:19; Hand. 15:7; JS—G 1:72. GS Sleutels van die Priesterskap.
8*a* GS Vreugde.
**8** 1*a* JS—G 1:66. GS Cowdery, Oliver.
*b* GS Kennis.
*c* GS Gebed.
*d* L&V 6:26–27; 9:2.
*e* L&V 5:16.
2*a* L&V 9:7–9. GS Openbaring.
*b* GS Hart.
*c* GS Heilige Gees.
3*a* Ex. 14:13–22; Deut. 11:4; 1 Ne. 4:2; Mosia 7:19. GS Rooi See.
5*a* Deut. 11:18–19.

kyk, dit het vele dinge aan jou bekendgemaak.

7 Kyk, daar is geen ander krag, behalwe die krag van God, wat kan veroorsaak dat hierdie gawe van Aäron met jou is nie.

8 Daarom, twyfel nie, want dit is die gawe van God; en jy sal dit in jou hande hou, en wonderbaarlike werke doen; en geen krag sal dit kan wegneem uit jou hande nie, want dit is die werk van God.

9 En, daarom, wat jy ook al My sal vra om op daardie wyse vir jou te vertel, dit sal Ek aan jou gee, en jy sal kennis hê daaromtrent.

10 Onthou dat sonder [a]geloof kan jy niks doen nie; daarom, vra in geloof. Behandel hierdie dinge nie ligtelik nie; moenie [b]vra vir dit wat jy nie behoort te vra nie.

11 Vra dat jy die verborgenhede van God mag ken, en dat jy mag [a]vertaal en kennis ontvang van al daardie antieke kronieke wat versteek is, wat heilig is; en volgens jou geloof sal dit aan jou gedoen word.

12 Kyk, dit is Ek wat dit gespreek het; en Ek is dieselfde wat met jou gespreek het van die begin af. Amen.

## AFDELING 9

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan Oliver Cowdery, te Harmony, Pennsilvanië, April 1829. Oliver word vermaan om geduldig te wees en word aangespoor om tevrede te wees om, vir die huidige, te skryf wat die vertaler dikteer, eerder as om te probeer om te vertaal.*

*1–6, Ander antieke kronieke moet nog vertaal word; 7–14, Die Boek van Mormon word vertaal deur studie en deur geestelike bevestiging.*

Kyk, Ek sê vir jou, my seun, dat omdat jy nie [a]vertaal het ooreenkomstig dit wat jy van My begeer het nie, en weer begin het om te [b]skryf vir my dienskneg, Joseph Smith, Jr., daarom wil Ek dat jy moet voortgaan totdat jy hierdie kroniek voltooi het, wat Ek toevertrou het aan hom.

2 En dan, kyk, Ek het [a]ander [b]kronieke, waarvoor Ek jou krag sal gee dat jy mag help om te vertaal.

3 Wees geduldig, my seun, want dit is wysheid in My, en dit is nie raadsaam dat jy op die huidige tydstip moet vertaal nie.

10*a* GS Geloof, Glo.
*b* L&V 88:63–65.
11*a* L&V 9:1, 10.
**9** 1*a* L&V 8:1, 11.
*b* JS—G 1:67.
2*a* ’n Indirekte verwysing na bykomende vertalingsbedrywighede, insluitende die Joseph Smith-vertaling van die Bybel en die Boek van Abraham, waartydens Oliver Cowdery gehelp het as ’n skrywer. GS Joseph Smith Vertaling (JSV).
*b* L&V 6:26; 8:1.

4 Kyk, die werk wat jy geroep is om te doen is om te skryf vir my dienskneg Joseph.

5 En, kyk, dit is omdat jy nie aangehou het soos jy begin het nie, toe jy begin vertaal het, dat Ek hierdie voorreg weggeneem het van jou.

6 Moenie [a]murmureer nie, my seun, want dit is wysheid in My dat Ek jou behandel het op hierdie wyse.

7 Kyk, jy het nie verstaan nie; jy het veronderstel dat Ek dit aan jou sou gee, toe jy nie nagedink het nie, behalwe om My te vra.

8 Maar, kyk, Ek sê vir jou, dat jy dit moet [a]oordink in jou verstand; dan moet jy My [b]vra of dit reg is, en as dit reg is, sal Ek jou [c]boesem laat [d]brand in jou; daarom sal jy [e]voel dat dit reg is.

9 Maar as dit nie reg is nie, sal jy geen sulke gevoelens hê nie, maar jy sal 'n [a]verwarring van denke hê wat jou die ding sal laat vergeet wat verkeerd is; daarom, jy kan nie dit skryf wat heilig is nie tensy dit jou gegee word van My.

10 Nou, as jy dit geweet het kon jy [a]vertaal het; nietemin, dit is nie raadsaam dat jy nou moet vertaal nie.

11 Kyk, dit was raadsaam toe jy begin het, maar jy [a]was bevrees; en die tyd is verby, en dit is nie nou raadsaam nie;

12 Want, sien jy nie dat Ek genoegsame krag aan my dienskneg [a]Joseph gegee het, waardeur dit opgemaak is? En Ek het geeneen van julle veroordeel nie.

13 Doen hierdie ding wat Ek jou gebied het, en jy sal voorspoedig wees. Wees getrou, en gee nie toe aan enige [a]versoeking nie.

14 Staan vas in die [a]werk waartoe Ek jou [b]geroep het, en 'n haar van jou hoof sal nie verlore gaan nie, en jy sal [c]verhef word op die laaste dag. Amen.

# AFDELING 10

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet, te Harmony, Pennsilvanië, waarskynlik omstreeks April 1829, alhoewel gedeeltes moontlik so vroeg as die somer van 1828 ontvang is. Hierin stel die Here Joseph in kennis van die veranderings wat aangebring is deur bose mense aan die 116 manuskripbladsye van die vertaling van die boek van Lehi, in die Boek van Mormon. Hierdie manuskripbladsye het verlore gegaan uit die besit van Martin Harris aan wie die bladsye*

6*a* GS Murmureer.
8*a* GS Peins.
*b* GS Gebed.
*c* Lk. 24:32.
*d* GS Getuienis; Inspirasie, Inspireer.
*e* L&V 8:2–3.
9*a* L&V 10:2.
10*a* L&V 8:11.
11*a* GS Vrees.
12*a* L&V 18:8.
13*a* GS Versoek, Versoeking.
14*a* 1 Kor. 16:13.
*b* GS Roep, Geroepe van God, Roeping.
*c* Alma 13:29; L&V 17:8.

*tydelik toevertrou was. (Sien die opskrif van afdeling 3). Die bose plan was om te wag op die verwagte hervertaling van die stof wat gedek is deur die gesteelde bladsye en om dan die vertaler in diskrediet te bring deur die teenstrydighede wat deur die veranderings te weeggebring is, uit te wys. Dat hierdie bose doel deur die bose een bedink was en bekend was aan die Here selfs terwyl Mormon, die antieke Nefitiese geskiedskrywer, besig was om sy verkorting te maak van die versamelde plate, word getoon in die Boek van Mormon (sien Woorde van Mormon 1:3–7).*

*1–26, Satan spoor bose mense aan om die Here se werk teen te staan; 27–33, Hy poog om die siele van mense te vernietig; 34–52, Die evangelie moet gaan aan die Lamaniete en alle nasies deur die Boek van Mormon; 53–63, Die Here sal sy Kerk en sy evangelie vestig onder alle mense; 64–70, Hy sal die bekeerdes bymekaarmaak in sy Kerk en sal die gehoorsames red.*

NOU, kyk, Ek sê vir jou, omdat jy daardie geskrifte oorhandig het waaroor jy mag gegee is om te vertaal deur middel van die [a]Urim en Tummim, in die hande van ’n [b]bose man, het jy hulle verloor.

2 En jy het ook jou gawe terselfdertyd verloor, en jou [a]verstand het duister geword.

3 Nietemin, dit is nou weer [a]herstel aan jou; daarom, sien toe dat jy getrou bly en voortgaan met die voltooiing van die res van die werk van vertaling soos jy begin het.

4 Moenie [a]vinniger hardloop of meer arbei as wat jy [b]krag het en middele verskaf is om jou in staat te stel om te vertaal nie; maar wees [c]ywerig tot die einde.

5 [a]Bid altyd, sodat jy oorwinnaar mag wees; ja, dat jy Satan mag oorwin, en sodat jy die hande van die diensknegte van Satan mag ontvlug wat sy werk steun.

6 Kyk, hulle het probeer om jou te [a]vernietig; ja, selfs die [b]man op wie jy vertrou het, het probeer om jou te vernietig.

7 En om hierdie rede het Ek gesê dat hy ’n bose man is, want hy het probeer om dié dinge weg te neem waarmee jy toevertrou is; en hy het ook probeer om jou gawe te vernietig.

8 En omdat jy die geskrifte oorhandig het in sy hande, kyk, bose mense het hulle van jou geneem.

9 Daarom, jy het hulle oorhandig, ja, dit wat heilig was, aan boosheid.

10 En, kyk, [a]Satan het dit geplaas in hulle harte om die woorde te verander wat jy laat skryf het,

**10** 1*a* GS Urim en Tummim.
*b* L&V 3:1–15.
2*a* GS Verstand.
3*a* L&V 3:10.
4*a* Mosia 4:27.
*b* Ex. 18:13–26.
*c* Matt. 10:22.
GS Ywer.
5*a* 3 Ne. 18:15–21.
GS Gebed.
6*a* L&V 5:32–33; 38:13.
*b* L&V 5:1–2.
10*a* GS Duiwel.

of wat jy vertaal het, wat uit jou hande gegaan het.

11 En kyk, Ek sê vir jou, omdat hulle die woorde verander het, verskil hulle van dit wat jy vertaal en laat skryf het.

12 En, op hierdie wyse, het die duiwel probeer om ′n geslepe plan te smee, sodat hy die werk mag vernietig.

13 Want hy het dit in hulle harte geplaas om dit te doen, sodat deur te lieg hulle mag sê dat hulle jou [a]betrap het in die woorde wat jy voorgegee het om te vertaal.

14 Voorwaar, Ek sê vir jou, dat Ek nie sal toelaat dat Satan sy bose voorneme bereik in hierdie ding nie.

15 Want kyk, hy het dit geplaas in hulle harte om jou te kry om die Here jou God te versoek, deur te vra om dit oor te vertaal.

16 En dan, kyk, hulle sê en dink in hulle harte—Ons sal sien of God hom krag gegee het om te vertaal; indien wel, sal Hy hom ook weer krag gee.

17 En as God hom weer krag gee, of as hy weer vertaal, of met ander woorde, as hy dieselfde woorde voortbring, kyk, ons het hulle by ons, en ons het hulle verander.

18 Daarom sal hulle nie ooreenstem nie, en ons sal sê dat hy gelieg het in sy woorde, en dat hy geen gawe het nie, en dat hy geen krag het nie.

19 Daarom sal ons hom vernietig, en ook die werk; en ons sal dit doen sodat ons nie beskaamd mag wees aan die einde nie, en dat ons die glorie van die wêreld mag kry.

20 Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, dat Satan ′n groot houvas het op hulle harte; hy [a]spoor hulle aan tot [b]ongeregtigheid teen dit wat goed is.

21 En hulle harte is [a]korrup, en vol [b]boosheid en gruwels; en hulle het die duisternis [c]lief [d]eerder as die lig, want hulle [e]dade is boos; daarom sal hulle My nie vra nie.

22 [a]Satan spoor hulle aan, sodat hy hulle siele mag [b]lei na vernietiging.

23 En so het hy ′n geslepe plan gesmee, dinkende om die werk van God te vernietig; maar Ek sal dit van hulle hande eis, en dit sal omkeer tot hulle skande en veroordeling op die dag van [a]oordeel.

24 Ja, hy spoor hulle harte aan tot toorn teen die werk.

25 Ja, hy sê vir hulle: Bedrieg en lê op loer om te vang, sodat julle mag vernietig; kyk, daarin is geen kwaad nie. En so vlei hy hulle, en vertel vir hulle dat dit nie sonde is om te [a]lieg sodat hulle ′n mens mag betrap in ′n leuen nie, sodat hulle hom mag vernietig.

---

13 *a* Jer. 5:26.
20 *a* 2 Ne. 28:20–22.
*b* GS Sonde.
21 *a* L&V 112:23–24.
*b* GS Boos, Boosheid.
*c* Moses 5:13–18.
*d* Mosia 15:26.
*e* GS Duisternis, Geestelike.
*e* Joh. 3:18–21; L&V 29:45.
22 *a* 2 Ne. 2:17–18.
*b* GS Versoek, Versoeking.
23 *a* Hel. 8:25; L&V 121:23–25.
25 *a* 2 Ne. 2:18; 28:8–9; Alma 10:17; Moses 4:4. GS Lieg.

26 En so vlei hy hulle, en [a]lei
hulle verder totdat hy hulle siele
aftrek tot in die [b]hel; en so laat hy
hulle vang in hulle eie [c]strik.
27 En so gaan hy op en af, [a]heen
en weer op die aarde, soekende
om die siele van mense te [b]ver-
nietig.
28 Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir
jou, wee hom wat lieg om te [a]be-
drieg, want hy veronderstel dat
'n ander lieg om te bedrieg, want
diesulkes is nie vrygestel van die
[b]geregtigheid van God nie.
29 Nou, kyk, hulle het hierdie
woorde verander, want Satan sê
vir hulle: Hy het julle bedrieg—
en so vlei hy hulle weg om onge-
regtigheid te pleeg, om jou te [a]kry
om die Here jou God te versoek.
30 Kyk, Ek sê vir jou, dat jy nie
weer daardie woorde sal vertaal
wat uit jou hande gegaan het nie;
31 Want, kyk, hulle sal nie hulle
bose voorneme bereik deur te lieg
teen daardie woorde nie. Want,
kyk, indien jy dieselfde woorde
sou voortbring, sal hulle sê dat jy
gelieg het en dat jy voorgegee het
om te vertaal, maar dat jy jouself
weerspreek het.
32 En, kyk, hulle sal dit bekend-
maak, en Satan sal die harte ver-
hard van die mense om hulle
harte aan te hits tot toorn teen
jou, sodat hulle nie my woorde
sal glo nie.
33 So dink [a]Satan om jou getuie-
nis te oorweldig in hierdie geslag,
sodat die werk nie te voorskyn
mag kom in hierdie geslag nie.
34 Maar kyk, hier is wysheid, en
omdat Ek aan jou [a]wysheid toon,
en jou gebooie gee aangaande
hierdie dinge wat jy moet doen,
toon dit nie aan die wêreld tot-
dat jy die werk van vertaling vol-
tooi het nie.
35 Verwonder jou nie dat Ek
vir jou gesê het: Hier is wysheid,
toon dit nie aan die wêreld nie—
want Ek het gesê, toon dit nie aan
die wêreld nie, sodat jy behoue
mag bly.
36 Kyk, Ek sê nie dat jy dit nie
sal toon aan die regverdiges nie;
37 Nietemin, omdat jy nie altyd
die [a]regverdiges kan oordeel nie,
of omdat jy nie altyd die bose kan
onderskei van die regverdiges
nie, daarom sê Ek vir jou, [b]swyg
tot Ek goeddink om alle dinge be-
kend te maak aan die wêreld aan-
gaande die saak.
38 En nou, voorwaar, Ek sê vir
jou dat 'n verslag van daardie
[a]dinge wat jy geskryf het, wat uit
jou hande gegaan het, is gegra-
veer op die [b]plate van Nefi;
39 Ja, en jy onthou dat dit gesê

26*a* GS Afval.
*b* GS Hel.
*c* Spr. 29:5–6; 1 Ne. 14:3.
27*a* Job 1:7.
*b* 2 Ne. 28:19–23; L&V 76:28–29.
28*a* GS Bedrog, Bedrieg, Bedrieër.
*b* Rom. 2:3. GS Geregtigheid.
29*a* Matt. 4:7.
33*a* GS Duiwel.
34*a* GS Wysheid.
37*a* Matt. 23:28.
*b* Ex. 14:14.
38*a* In die voorwoord tot die eerste uitgawe van die Boek van Mormon het die Profeet verduidelik dat die materiaal in die verlore 116 bladsye vertaal is van 'n gedeelte van die plate genaamd die "Boek van Lehi."
*b* GS Plate.

is in daardie geskrifte dat 'n meer
besondere verslag gegee is van
hierdie dinge op die plate van
Nefi.
40 En nou, omdat die verslag
wat gegraveer is op die plate van
Nefi meer besonderhede bevat
aangaande die dinge wat, in my
wysheid, Ek tot die kennis van
die mense in hierdie kroniek wil
bring—
41 En nou, jy sal die graverings
vertaal wat op die [a]plate van Nefi
is, verder tot jy kom by die heers-
kappy van koning Benjamin, of
tot jy kom by dit wat jy vertaal
het, wat jy behou het;
42 En kyk, jy sal dit publiseer as
die kroniek van Nefi; en so sal Ek
diegene verneder wat my woorde
verander het.
43 Ek sal nie toelaat dat hulle my
werk sal vernietig nie; ja; Ek sal
aan hulle toon dat my wysheid
groter is as die geslepenheid van
die duiwel.
44 Kyk, hulle het slegs 'n ge-
deelte, of 'n verkorting van die
kroniek van Nefi.
45 Kyk, daar is vele dinge ge-
graveer op die plate van Nefi wat
groter lig werp op my evangelie;
daarom, dit is wysheid in My dat
jy hierdie eerste gedeelte van die
graverings van Nefi sal vertaal,
en uitstuur in hierdie werk.
46 En, kyk, die res van hierdie
[a]werk bevat al daardie gedeeltes
van my [b]evangelie wat my hei-
lige profete, ja en ook my dissi-
pels, [c]begeer het in hul gebede,
na hierdie volk moet kom.
47 En Ek het vir hulle gesê, dat
dit [a]gegee sal word aan hulle vol-
gens hulle [b]geloof in hul gebede;
48 Ja, en dit was hulle geloof—
dat my evangelie, wat Ek aan
hulle gegee het sodat hulle in
hulle dae mag preek, tot hulle
broers die [a]Lamaniete mag kom,
en ook almal wat Lamaniete ge-
word het vanweë hulle twiste.
49 Nou, dit is nie al nie—hulle
geloof in hul gebede was dat hier-
die evangelie ook bekendgemaak
sou word, indien dit moontlik
sou wees dat ander nasies hier-
die land sou besit;
50 En dus het hulle 'n seëning
gelaat oor hierdie land in hul ge-
bede, sodat wie ook al sou glo in
hierdie evangelie in hierdie land
die ewige lewe mag hê.
51 Ja, dat dit vry mag wees vir
almal van watter nasies, stamme,
tale en volke, of mense hulle mag
wees.
52 En nou, kyk, volgens hulle
geloof in hulle gebede sal Ek hier-
die deel van my evangelie bring
tot die kennis van my volk. Kyk,
Ek bring dit nie om dit te ver-
nietig wat hulle ontvang het nie,
maar om dit op te bou.
53 En om hierdie rede het Ek
gesê: As hierdie geslag nie hulle

41 *a* WvM 1:3–7.
46 *a* GS Boek van Mormon.
*b* GS Evangelie.
*c* Enos 1:12–18; Morm. 8:24–26; 9:34–37.
47 *a* 3 Ne. 5:13–15; L&V 3:19–20.
*b* GS Geloof, Glo.
48 *a* Moro. 10:1–5; L&V 109:65–66.

harte verhard nie, sal Ek my kerk
vestig onder hulle.
54 Nou, Ek sê dit nie om my
kerk te vernietig nie, maar Ek sê
dit om my kerk op te bou;
55 Daarom, wie ook al behoort
aan my kerk hoef nie te [a]vrees nie,
want diesulkes sal die [b]koninkryk
van die hemel [c]beërwe.
56 Maar dit is hulle wat My nie
[a]vrees nie, nóg my gebooie onder-
hou, maar [b]kerke opbou vir hul-
leself om [c]gewin te kry, ja, en al
diegene wat boos optree en die
koninkryk van die duiwel op-
bou—ja, voorwaar, voorwaar, Ek
sê vir julle, dat dit hulle is wat
Ek sal verontrus, en laat bewe en
skud tot die binneste.
57 Kyk, Ek is Jesus Christus, die
[a]Seun van God. Ek het na my eie
gekom, en my eie het My nie ont-
vang nie.
58 Ek is die [a]lig wat skyn in die
duisternis, en die duisternis be-
gryp dit nie.
59 Ek is Hy wat gesê het—[a]An-
der [b]skape het Ek wat nie van
hierdie kudde is nie—aan my dis-
sipels, en vele was daar wat My
nie [c]verstaan het nie.
60 En Ek sal aan hierdie volk
toon dat Ek ander skape het, en
dat hulle ′n tak is van die [a]huis
van Jakob.
61 En Ek sal aan die lig bring
hulle wonderbaarlike werke, wat
hulle gedoen het in my Naam.
62 Ja, en Ek sal ook aan die lig
bring my evangelie wat aan hulle
bedien is, en, kyk, hulle sal nie
ontken dit wat jy ontvang het nie,
maar hulle sal dit opbou, en sal
aan die lig bring die ware punte
van my [a]leer, ja en die enigste leer
wat in My is.
63 En dit doen Ek sodat Ek my
evangelie mag vestig, sodat daar
nie soveel twis mag wees nie; ja,
[a]Satan spoor die harte aan van
die mense tot [b]twis aangaande
die punte van my leer; en in hier-
die dinge dwaal hulle, want hulle
[c]verdraai die skrifture en verstaan
hulle nie.
64 Daarom, Ek sal vir hulle hier-
die groot verborgenheid ontvou.
65 Want, kyk, Ek sal hulle [a]by-
mekaarmaak soos ′n hen haar
kuikens bymekaarmaak onder
haar vlerke, as hulle nie hulle
harte sal verhard nie.
66 Ja, as hulle wil kom, mag
hulle, en vryelik drink van die
[a]waters van die lewe.
67 Kyk, dit is my leer—wie ook
al bekeer en na My [a]kom, diesul-
kes is my [b]kerk.
68 Wie ook al meer of minder
as dit [a]verkondig, diesulkes is

55 *a* GS Vrees.
*b* GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
*c* Matt. 5:10.
56 *a* Pred. 12:13–14.
*b* GS Duiwel—Die kerk van die duiwel.
*c* 4 Ne. 1:26.
57 *a* Rom. 1:4.
58 *a* L&V 6:21.
59 *a* Joh. 10:16.
*b* GS Goeie Herder.
*c* 3 Ne. 15:16–18.
60 *a* GS Wingerd van die Here.
62 *a* 3 Ne. 11:31–40.
63 *a* GS Duiwel.
*b* GS Twis.
*c* 2 Petr. 3:16.
65 *a* Lk. 13:34; 3 Ne. 10:4–6; L&V 43:24.
66 *a* GS Lewende Water.
67 *a* Matt. 11:28–30.
*b* GS Kerk van Jesus Christus.
68 *a* 3 Ne. 11:40.

nie van My nie, maar is [b]teen My;
daarom is hy nie van my kerk nie.
69 En nou, kyk, wie ook al van
my kerk is, en volhard in my kerk
tot die einde, hom sal Ek vestig
op my [a]rots, en die [b]poorte van
die hel sal nie seëvier oor hulle
nie.
70 En nou, onthou die woorde
van Hom wat die lewe en die [a]lig
van die wêreld is, jou Verlosser,
jou [b]Here en jou God. Amen.

---

# AFDELING 11

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan sy broer Hyrum Smith, te Harmony, Pennsilvanië, Mei 1829. Hierdie openbaring is ontvang deur die Urim en Tummim in antwoord op Joseph se smeekbede en navraag. Joseph Smith se geskiedenis sinspeel daarop dat hierdie openbaring ontvang is na die herstelling van die Aäroniese Priesterskap.*

*1–6, Arbeiders in die wingerd sal heil verkry; 7–14, Soek wysheid, verkondig bekering, vertrou op die Gees; 15–22, Onderhou die gebooie en bestudeer die woord van die Here; 23–27, Verloën nie die gees van openbaring en profesie nie; 28–30, Diegene wat Christus ontvang, word die seuns van God.*

[a]'N GROOT en wonderbaarlike
werk is aan die kom onder die
kinders van mense.
2 Kyk, Ek is God; gee [a]gehoor
aan my [b]woord, wat lewend en
[c]kragtig is, [d]skerper as 'n twee-
snydende swaard, om van-
mekaar te skei beide gewrigte en
murg; daarom gee gehoor aan my
woord.
3 Kyk, die veld is [a]wit, gereed
vir die oes; daarom, wie ook al be-
geer om te oes, laat hom sy sekel
insteek met sy mag, en oes terwyl
die dag duur, dat hy mag [b]opgaar
vir sy siel [c]ewigdurende heil in
die koninkryk van God.
4 Ja, wie ook al sy [a]sekel wil in-
steek en oes, hy word geroep deur
God.
5 Daarom, as julle My [a]vra, sal
julle ontvang; as julle klop sal dit
vir julle oopgemaak word.
6 Nou, omdat jy gevra het,
kyk, Ek sê vir jou, onderhou my
gebooie, en soek om die saak

---

68 *b* Lk. 11:23.
69 *a* GS Rots.
*b* Matt. 16:18; 2 Ne. 4:31–32; L&V 17:8; 128:10.
70 *a* GS Lig, Lig van Christus.
*b* GS Jesus Christus.

**11** 1 *a* Jes. 29:14; L&V 4. GS Herstelling van die Evangelie.
2 *a* 1 Ne. 15:23–25; L&V 1:14; 84:43–45.
*b* Hebr. 4:12.
*c* Alma 4:19; 31:5.
*d* Hel. 3:29–30; L&V 6:2.
3 *a* L&V 12:3.
*b* Lk. 18:22; Hel. 5:8.
*c* 1 Tim. 6:19.
4 *a* Openb. 14:15; L&V 14:3–4.
5 *a* GS Gebed.

van [a]Sion voort te bring en te
vestig.
7 Moenie vir [a]rykdom soek nie
maar vir [b]wysheid, en kyk, die
verborgenhede van God sal ontvou
word vir julle, en dan sal julle
ryk gemaak word. Kyk, hy wat
die ewige lewe het is ryk.
8 Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir
jou, net soos jy van My begeer, so
sal dit vir jou gedoen word; en as
jy begeer, sal jy die middel wees
om veel goed te doen in hierdie
geslag.
9 [a]Verkondig niks behalwe [b]bekering
aan hierdie geslag nie.
Onderhou my gebooie, en help
om my werk voort te bring, [c]volgens
my gebooie, en jy sal geseën
word.
10 Kyk, jy het ′n [a]gawe, of jy sal
′n gawe hê as jy van My begeer
in geloof, met ′n [b]eerlike hart, en
glo in die krag van Jesus Christus,
of in my krag wat spreek tot jou;
11 Want, kyk, dit is Ek wat
spreek; kyk, Ek is die [a]lig wat
skyn in die duisternis, en deur
my [b]krag gee Ek hierdie woorde
aan jou.
12 En nou, voorwaar, voorwaar,
Ek sê vir jou, plaas jou [a]vertroue
in daardie [b]Gees wat lei om goed
te doen—ja, om billik te handel,
om [c]nederig te [d]wandel, om regverdiglik
te [e]oordeel; en dit is my
Gees.
13 Voorwaar, voorwaar, Ek sê
vir jou, Ek sal van my Gees aan
jou meedeel, wat jou [a]verstand sal
[b]verlig, wat jou siel sal vul met
[c]vreugde;
14 En dan sal jy weet, of hierdeur
sal jy weet, alle dinge wat jy
ook al van My begeer, wat betrekking
het op die dinge van [a]regverdigheid,
in geloof en glo in My
dat jy sal ontvang.
15 Kyk, Ek gebied jou dat jy nie
moet veronderstel dat jy geroep
is om te preek totdat jy [a]geroep
word nie.
16 Wag ′n bietjie langer, tot jy
my woord sal hê, my [a]rots, my
kerk, en my evangelie sodat jy vir
seker my leer mag ken.
17 En dan, kyk, volgens jou begeertes,
ja, naamlik volgens jou
geloof sal dit aan jou gedoen
word.
18 Onderhou my gebooie; swyg;
beroep jou op my Gees;
19 Ja, [a]kleef aan My met jou hele
hart, sodat jy behulpsaam kan

6 *a* Jes. 52:7–8; L&V 66:11. GS Sion.
7 *a* 1 Kon. 3:11–13; 2 Ne. 26:31; Jakob 2:17–19; L&V 38:39.
*b* GS Wysheid.
9 *a* L&V 19:21–22.
*b* GS Bekeer, Bekering.
*c* L&V 105:5.
10 *a* L&V 46:8–12.
*b* Lk. 8:15.
11 *a* GS Lig, Lig van Christus.
*b* GS Krag.
12 *a* L&V 84:116. GS Vertrou.
*b* Rom. 8:1–9; 1 Joh. 4:1–6.
*c* GS Nederig, Nederigheid.
*d* GS Wandel, Wandel met God.
*e* Matt. 7:1–5; Alma 41:14–15.
13 *a* GS Verstand.
*b* L&V 76:12.
*c* GS Vreugde.
14 *a* GS Regverdigheid, Regverdig.
15 *a* Gel. Art. 1:5. GS Gesag; Roep, Geroepe van God, Roeping.
16 *a* L&V 6:34. GS Rots.
19 *a* Jakob 6:5; L&V 98:11.

wees om daardie dinge aan die lig
te bring waarvan gespreek is—ja,
die vertaling van my werk; wees
geduldig totdat jy dit voltooi het.
20 Kyk, dit is jou werk, om my
gebooie te [a]onderhou, ja met al
jou mag, verstand en krag.
21 Moenie streef om my woord
te verkondig nie, maar streef eers
om my woord te [a]verkry, en dan
sal jou tong losgemaak word; dan,
as jy begeer, sal jy my Gees hê en
my woord, ja, die krag van God
tot die oortuiging van mense.
22 Maar nou, swyg; bestudeer
[a]my woord wat uitgegaan het
onder die kinders van mense, en
ook, [b]bestudeer [c]my woord wat te
voorskyn sal kom onder die kin-
ders van mense, of dit wat nou
vertaal word, ja, tot jy alles ver-
kry het wat Ek sal [d]gee aan die
kinders van mense in hierdie ge-
slag, en dan sal alle dinge daar-
toe bygevoeg word.
23 Kyk, jy is [a]Hyrum, my seun;
[b]soek die koninkryk van God, en
alle dinge sal daaraan bygevoeg
word ooreenkomstig dit wat reg-
verdig is.
24 [a]Bou op my rots, wat my
[b]evangelie is;
25 Verloën nie die gees van
[a]openbaring nie, nóg die gees van
[b]profesie, want wee hom wat hier-
die dinge verloën;
26 Daarom, [a]bewaar in jou hart
tot die tyd wat in my wysheid is
dat jy sal uitgaan.
27 Kyk, Ek spreek tot almal wat
goeie begeertes het, en hul sekels
[a]ingesteek het om te oes.
28 Kyk, Ek is [a]Jesus Christus, die
Seun van God. Ek is die lewe en
die [b]lig van die wêreld.
29 Ek is Hy wat na my eie ge-
kom het, en my eie het My nie
ontvang nie;
30 Maar voorwaar, voorwaar, Ek
sê vir julle, dat soveel as wat my
ontvang, aan hulle sal Ek [a]krag
gee om die [b]seuns van God te
word, naamlik aan hulle wat in
my Naam glo. Amen.

---

# AFDELING 12

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan Joseph Knight Snr., te Harmony, Pennsilvanië, Mei 1829. Joseph Knight het die verklarings van Joseph Smith geglo aangaande sy besit van die Boek van Mormon plate en die vertaalwerk wat toe aan die gang was en*

---

20 *a* GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
21 *a* Alma 17:2–3; L&V 84:85.
22 *a* DI die Bybel.
*b* GS Skrifture—Waarde van die skrifture.
*c* DI die Boek van Mormon.
*d* Alma 29:8.
23 *a* JS—G 1:4.
*b* Matt. 6:33.
24 *a* Matt. 7:24–27.
*b* GS Evangelie.
25 *a* GS Openbaring.
*b* Openb. 19:10. GS Profesie, Profeteer.
26 *a* Deut. 11:18; L&V 6:20; 43:34; JS—M 1:37.
27 *a* GS Sendingwerk.
28 *a* GS Jesus Christus.
*b* GS Lig, Lig van Christus.
30 *a* Joh. 1:12.
*b* GS Seuns en Dogters van God.

*het verskeie kere materiële hulp aan Joseph Smith en sy skrywer gegee, wat hulle in staat gestel het om die vertaalwerk voort te sit. Op Joseph Knight se versoek het die Profeet navraag gedoen by die Here en hierdie openbaring ontvang.*

*1–6, Arbeiders in die wingerd sal heil verkry; 7–9, Almal wat begerig en geskik is mag help in die Here se werk.*

[a]'N GROOT en wonderbaarlike werk is aan die kom onder die kinders van mense.

2 Kyk, Ek is God; gee gehoor aan my woord, wat lewend en kragtig is, skerper as 'n tweesnydende swaard, om vanmekaar te skei beide gewrigte en murg; daarom gee gehoor aan my woord.

3 Kyk, die veld is wit, gereed vir die oes; daarom, wie ook al begeer om te oes, laat hom sy sekel insteek met sy mag, en oes terwyl die dag duur, dat hy mag opgaar vir sy siel ewigdurende heil in die koninkryk van God.

4 Ja, wie ook al sy sekel wil insteek en oes, hy word geroep deur God.

5 Daarom, as julle My vra, sal julle ontvang; as julle klop sal dit vir julle oopgemaak word.

6 Nou, omdat jy gevra het, kyk, Ek sê vir jou, onderhou my gebooie, en soek om die saak van Sion voort te bring en te vestig.

7 Kyk, Ek spreek tot jou, en ook met al diegene wat begeertes het om hierdie werk te voorskyn te bring en te vestig;

8 En niemand kan behulpsaam wees in hierdie werk nie, tensy hy [a]nederig sal wees en vol [b]liefde, en [c]geloof het, [d]hoop en [e]naasteliefde, en matig is in alle dinge, wat ook al toevertrou sal word aan sy sorg.

9 Kyk, Ek is die lig en die lewe van die wêreld, wat hierdie woorde spreek, daarom gee gehoor met jou mag, en dan is jy geroep. Amen.

## AFDELING 13

*'n Uittreksel uit Joseph Smith se geskiedenis wat 'n verslag gee van die ordinering van die Profeet en Oliver Cowdery tot die Aäroniese Priesterskap naby Harmony, Pennsilvanië, 15 Mei 1829. Die ordinering het geskied onder die hande van 'n engel wat homself aangekondig het as Johannes, hy wat Johannes die Doper genoem word in die Nuwe Testament. Die engel het verduidelik dat hy optree onder*

**12** 1*a* Sien L&V 11:1–6 vir soortgelyke kruisverwysings.
8*a* GS Nederig, Nederigheid.
*b* GS Liefde.
*c* GS Geloof, Glo.
*d* GS Hoop.
*e* GS Naasteliefde.

*die leiding van Petrus, Jakobus en Johannes, die antieke Apostels, wat die sleutels hou van die hoër priesterskap, wat die Priesterskap van Melgisédek genoem word. Die belofte is gemaak aan Joseph en Oliver dat op die gegewe tyd hierdie hoër priesterskap aan hulle toegeken sou word (Sien afdeling 27:7–8, 12.)*

*Die sleutels en kragte van die Aäroniese Priesterskap word uiteengesit.*

Aan julle, my medediensknegte,
in die Naam van Messias [a]ken Ek
die [b]Priesterskap van Aäron toe,
wat die sleutels hou van die bediening van [c]engele, en van die evangelie van [d]bekering, en van [e]doop deur onderdompeling vir die vergifnis van sondes; en dit sal nooit weer van die aarde geneem word nie, tot die [f]seuns van Levi weer 'n offerande offer aan die Here in [g]regverdigheid.

## AFDELING 14

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan David Whitmer, te Fayette, New York, Junie 1829. Die Whitmer familie het groot belangstelling getoon in die vertaling van die Boek van Mormon. Die Profeet het die huis van Peter Whitmer Snr. sy tuiste gemaak, waar hy gewoon het tot die vertaalwerk tot voltooiing gevoer is en die kopiereg op die boek wat binnekort sou verskyn, verkry is. Drie van die Whitmer seuns, wat elk 'n getuienis ontvang het aangaande die egtheid van die werk, het diep besorgd geraak betreffende hul individuele plig. Hierdie openbaring en die twee wat daarop volg (afdelings 15 en 16) is gegee in antwoord op 'n navraag deur middel van die Urim en Tummim. David Whitmer het later een van die Drie Getuies geword van die Boek van Mormon.*

*1–6, Arbeiders in die wingerd sal heil verkry; 7–8, Die Ewige lewe is die grootste van God se gawes; 9–11, Christus het die hemele en die aarde geskape.*

[a]'n Groot en wonderbaarlike werk is aan die kom onder die kinders van mense.
2 Kyk, Ek is God; gee gehoor aan
my woord, wat lewend en kragtig

**13** 1*a* JS—G 1:68–75. GS Ordineer, Ordinering.
*b* L&V 27:8; 84:18–34. GS Aäroniese Priesterskap.
*c* GS Engele.
*d* GS Bekeer, Bekering.
*e* GS Doop.
*f* Sien die verslag van Oliver Cowdery oor die herstelling van die Aäroniese Priesterskap aan die einde van Joseph Smith—Geskiedenis. Deut. 10:8; 1 Kron. 6:48; L&V 128:24.
*g* GS Regverdigheid, Regverdig.
**14** 1*a* Sien L&V 11:1–6 vir soortgelyke kruisverwysings.

is, skerper as ’n tweesnydende swaard, om vanmekaar te skei beide gewrigte en murg; daarom gee gehoor aan my woord.

3 Kyk, die veld is wit, gereed vir die oes; daarom, wie ook al begeer om te oes, laat hom sy sekel insteek met sy mag, en oes terwyl die dag duur, dat hy ewigdurende heil vir sy siel in die koninkryk van God mag opgaar.

4 Ja, wie ook al sy sekel wil insteek en oes, hy word geroep deur God.

5 Daarom, as jy My vra, sal jy ontvang; as jy klop sal dit vir jou oopgemaak word.

6 Soek om my Sion voort te bring en te vestig. Onderhou my gebooie in alle dinge.

7 En, as jy my gebooie [a]onderhou en [b]volhard tot die einde sal jy die [c]ewige lewe hê, welke gawe die grootste van al die gawes van God is.

8 En dit sal gebeur, dat as jy die Vader in my Naam vra, in geloof en glo, sal jy die [a]Heilige Gees ontvang, wat gee om te spreek, sodat jy mag staan as ’n [b]getuie van die dinge wat jy beide sal [c]hoor en sien, en ook sodat jy bekering mag verkondig aan hierdie geslag.

9 Kyk, Ek is [a]Jesus Christus, die [b]Seun van die [c]lewende God, wat die hemele en die [d]aarde [e]geskape het, ’n [f]lig wat nie verberg kan word in die [g]duisternis nie.

10 Daarom, Ek moet die [a]volheid uitbring van my evangelie vanaf die [b]nie-Jode na die huis van Israel.

11 En kyk, jy is David, en jy word geroep om te help; welke ding, indien jy dit doen, en getrou is, sal jy geseën word beide geestelik en stoflik, en groot sal jou loon wees. Amen.

# AFDELING 15

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan John Whitmer, te Fayette, New York, Junie 1829 (sien die opskrif van afdeling 14). Die boodskap is intiem en indrukwekkend persoonlik omdat die Here vertel van dít wat slegs aan John Whitmer en Hom*

7 *a* Lev. 26:3–12; Joh. 15:10; Mosia 2:22, 41; L&V 58:2.
*b* GS Volhard.
*c* 2 Ne. 31:20; L&V 6:13. GS Ewige Lewe.
8 *a* GS Heilige Gees.
*b* Mosia 18:8–10. GS Getuie.
*c* Sien “Die Getuienis van Drie Getuies” in die voorwerk van die Boek van Mormon.
9 *a* Mosia 4:2; L&V 76:20–24.
*b* Rom. 1:4.
*c* Dan. 6:26; Alma 7:6; L&V 20:19.
*d* Abr. 4:12, 24–25.
*e* Joh. 1:1–3, 14; 3 Ne. 9:15; L&V 45:1. GS Skep, Skepping.
*f* 2 Sam. 22:29. GS Lig, Lig van Christus.
*g* GS Duisternis, Geestelike.
10 *a* L&V 20:8–9; JS—G 1:34.
*b* GS Nie-Jode.

*bekend is. John Whitmer het later een van die Agt Getuies van die Boek van Mormon geword.*

*1–2, Die Here se arm is oor die hele aarde; 3–6, Om die evangelie te predik en siele te red is die ding van die meeste waarde.*

SLAAN ag, my dienskneg John, en luister na die woorde van Jesus Christus, jou Here en jou Verlosser.

2 Want kyk, Ek spreek tot jou met skerpheid en met [a]krag, want my arm is oor die hele aarde.

3 En Ek sal vir jou dit vertel wat niemand weet nie, behalwe Ek en jy alleen—

4 Want baie keer het jy begeer om van My te weet dit wat van die meeste waarde sou wees vir jou.

5 Kyk, geseënd is jy vanweë hierdie saak, en omdat jy die woorde gespreek het wat Ek jou gegee het volgens my gebooie.

6 En nou, kyk, Ek sê vir jou, dat dit wat van die meeste waarde sal wees vir jou, sal wees om bekering te [a]verkondig aan hierdie volk, sodat jy siele mag bring na My, sodat jy mag [b]rus met hulle in die [c]koninkryk van my [d]Vader. Amen.

## AFDELING 16

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan Peter Whitmer Jr., te Fayette, New York, Junie 1829 (sien die opskrif van afdeling 14). Peter Whitmer Jr. het later een van die Agt Getuies van die Boek van Mormon geword.*

*1–2, Die Here se arm is oor die hele aarde; 3–6, Om die evangelie te predik en siele te red is die ding van die meeste waarde.*

[a]SLAAN ag, my dienskneg Peter, en luister na die woorde van Jesus Christus, jou Here en jou Verlosser.

2 Want kyk, Ek spreek tot jou met skerpheid en met krag, want my arm is oor die hele aarde.

3 En Ek sal vir jou dit vertel wat niemand weet nie, behalwe Ek en jy alleen—

4 Want baie keer het jy begeer om van My te weet dit wat van die meeste waarde sou wees vir jou.

5 Kyk, geseënd is jy vanweë

**15** 2*a* Hel. 3:29–30. GS Krag.
6*a* L&V 18:15–16. GS Sendingwerk.
*b* GS Rus.
*c* GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
*d* GS Vader in die Hemel.

**16** 1*a* Sien L&V 15 vir soortgelyke kruisverwysings.

hierdie saak, en omdat jy die
woorde gespreek het wat Ek jou
gegee het volgens my gebooie.
6 En nou, kyk, Ek sê vir jou, dat
dit wat van die meeste waarde sal
wees vir jou sal wees om bekering
te verkondig aan hierdie volk, sodat
jy siele mag bring na My, sodat
jy mag rus met hulle in die
koninkryk van my Vader. Amen.

## AFDELING 17

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan Oliver Cowdery, David Whitmer, en Martin Harris, te Fayette, New York, Junie 1829, voor hulle besigtiging van die gegraveerde plate wat die Boek van Mormon kroniek bevat het. Joseph en sy skrywer, Oliver Cowdery, het deur die vertaling van die Boek van Mormon plate geleer dat drie spesiale getuies aangewys sou word (sien Ether 5:2–4; 2 Nefi 11:3; 27:12). Oliver Cowdery, David Whitmer en Martin Harris is beweeg deur 'n geïnspireerde begeerte om die drie spesiale getuies te wees. Die Profeet het by die Here navraag gedoen en hierdie openbaring is gegee as antwoord deur die Urim en Tummim.*

*1–4, Deur geloof sal die Drie Getuies die plate en ander heilige items sien; 5–9, Christus getuig van die goddelikheid van die Boek van Mormon.*

KYK, Ek sê vir julle, dat julle moet
vertrou op my woord, indien julle
dit doen met volle voorneme van
hart, sal julle die [a]plate kan [b]besigtig,
en ook die borsplaat, die
[c]swaard van Laban, die [d]Urim
en Tummim, wat gegee is aan
die [e]broer van Jered op die berg,
toe hy gepraat het met die Here
[f]van aangesig tot aangesig, en die
[g]wonderbaarlike rigtingwysers
wat gegee is aan Lehi terwyl in
die wildernis, op die grense van
die [h]Rooi See.
2 En dit is deur julle geloof dat
julle hulle sal kan besigtig, naamlik
deur daardie geloof wat die
profete van ouds gehad het.
3 En nadat julle geloof verkry
het, en hulle gesien het met julle
oë, sal julle [a]getuig van hulle,
deur die krag van God;
4 En dit sal julle doen sodat my
dienskneg Joseph Smith, Jr., nie

**17** 1*a* Morm. 6:6; JS—G 1:52. GS Plate.
*b* 2 Ne. 27:12; Ether 5:2–4; L&V 5:15. Sien ook "Die Getuienis van Drie Getuies" in die voorwerk van die Boek van Mormon.
*c* 1 Ne. 4:8–9; 2 Ne. 5:14; Jakob 1:10; Mosia 1:16.
*d* GS Urim en Tummim.
*e* Ether 3.
*f* Gén. 32:30; Ex. 33:11; Moses 1:2.
*g* 1 Ne. 16:10, 16, 26–29; Alma 37:38–47.
*h* 1 Ne. 2:5.
3*a* GS Getuie; Getuig.

vernietig mag word nie, sodat Ek
my regverdige oogmerke teweeg
mag bring aan die kinders van
mense in hierdie werk.
5 En julle sal getuig dat julle
hulle gesien het, net soos my
dienskneg Joseph Smith, Jr., hulle
gesien het; want dit is deur my
krag dat hy hulle gesien het, en
dit is omdat hy geloof gehad het.
6 En hy het die [a]boek vertaal,
naamlik daardie [b]gedeelte wat
Ek hom gebied het, en sowaar
as die Here en julle God leef, dit
is waar.
7 Daarom, julle het dieselfde
krag ontvang, en dieselfde geloof,
en dieselfde gawe net soos hy;
8 En indien julle hierdie laaste
gebooie van my uitvoer, wat Ek
julle gegee het, sal die [a]poorte van
die hel nie seëvier oor julle nie;
want my [b]genade is voldoende vir
julle, en julle sal [c]verhef word op
die laaste dag.
9 En Ek, Jesus Christus, julle
[a]Here en julle God, het dit tot julle
gespreek, sodat Ek my regverdige
oogmerke teweeg mag bring aan
die kinders van mense. Amen.

## AFDELING 18

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet, Oliver Cowdery en David Whitmer, te Fayette, New York, Junie 1829. Volgens die Profeet het hierdie openbaring "Die roeping van twaalf apostels in hierdie laaste dae bekend gemaak, en ook opdragte met betrekking tot die opbou van die Kerk gegee."*

*1–5, Die skrifture dui aan hoe om die Kerk op te bou; 6–8, Die wêreld word ryp in ongeregtigheid; 9–16, Die waarde van siele is groot; 17–25, Om heil te verkry, moet mense die Naam van Christus op hulle neem; 26–36, Die roeping en sending van die Twaalf word geopenbaar; 37–39, Oliver Cowdery en David Whitmer moet die Twaalf soek; 40–47, Om heil te verkry moet mense bekeer, gedoop word en die gebooie onderhou.*

NOU, kyk, vanweë die ding wat
jy, my dienskneg Oliver Cowdery,
begeer het om van my te weet,
gee Ek aan jou hierdie woorde:
2 Kyk, Ek het aan jou geopen-
baar, deur my Gees by vele ge-
leenthede, dat die dinge wat jy
geskryf het [a]waar is; daarom, jy
weet dat hulle waar is.
3 En aangesien jy weet dat hulle
waar is, kyk, Ek gee aan jou 'n
gebod, dat jy staatmaak op die
dinge wat [a]geskrywe is;

---

6*a* GS Boek van Mormon.
*b* 2 Ne. 27:22; 3 Ne. 26:7–10.
8*a* Matt. 16:18; 3 Ne. 11:39; L&V 10:69.
*b* GS Genade.
*c* 1 Ne. 13:37; 3 Ne. 27:14–15, 22; L&V 9:14.
9*a* GS Here.
**18** 2*a* L&V 6:15–17.
3*a* L&V 98:11. GS Skrifture—Waarde van die skrifture.

4 Want in hulle is alle dinge geskrywe aangaande die fondament van my kerk, my [a]evangelie en my [b]rots.

5 Daarom, as jy my kerk sal opbou, op die fondament van my evangelie en my rots, sal die poorte van die hel nie seëvier oor jou nie.

6 Kyk, die [a]wêreld word ryp in ongeregtigheid; en dit moet noodwendig wees dat die kinders van mense aangespoor word tot bekering, beide die [b]nie-Jode en ook die huis van Israel.

7 Daarom, aangesien jy [a]gedoop is deur die hande van my dienskneg Joseph Smith, Jr., ooreenkomstig dit wat Ek hom gebied het, het hy die ding vervul wat Ek hom gebied het.

8 En nou, verwonder jou nie dat Ek hom geroep het vir my eie doel nie, welke doel bekend is aan My; daarom; as hy sal [a]ywerig wees om my gebooie te [b]onderhou, sal hy [c]geseënd wees met die ewige lewe; en sy naam is [d]Joseph.

9 En nou, Oliver Cowdery, Ek spreek met jou, en ook met David Whitmer, by wyse van gebod; want kyk, Ek gebied alle mense orals om te bekeer, en Ek spreek tot julle, net soos met Paulus my [a]apostel, want julle is geroep, en wel met dieselfde roeping waarmee hy geroep is.

10 Onthou die [a]waarde van [b]siele is groot in die oë van God;

11 Want, kyk, die Here julle [a]Verlosser het die [b]dood gely in die vlees; daarom, Hy het die [c]pyn [d]gely van alle mense, sodat alle mense mag bekeer en na Hom kom.

12 En Hy het weer [a]opgestaan uit die dood, sodat Hy alle mense na Hom mag bring, op voorwaarde van [b]bekering.

13 En hoe groot is sy [a]vreugde oor die siel wat bekeer!

14 Daarom, julle word geroep om bekering te [a]verkondig aan hierdie volk.

15 En as dit so sou wees dat julle al julle dae arbei om bekering te verkondig aan hierdie volk, en slegs een [a]siel na My bring, hoe groot sal julle vreugde wees met hom in die koninkryk van my Vader!

16 En nou, as julle vreugde groot sal wees met een siel wat julle gebring het na My in die [a]koninkryk van my Vader, hoe groot sal julle

4 *a* GS Evangelie.
*b* GS Rots.
6 *a* GS Wêreld.
*b* GS Nie-Jode.
7 *a* JS—G 1:70–71.
8 *a* GS Ywer.
*b* GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
*c* GS Seën, Geseënd, Seëning.
*d* 2 Ne. 3:14–15. GS Smith, Joseph, Jr.
9 *a* Rom. 1:1.
10 *a* GS Siel—Waarde van siele.
*b* GS Siel.
11 *a* GS Verlosser.
*b* GS Kruisiging.
*c* Jes. 53:4–5. GS Versoen, Versoening.
*d* GS Verlos, Verlossing.
12 *a* GS Opstanding.
*b* L&V 19:4–18. GS Bekeer, Bekering.
13 *a* Lk. 15:7.
14 *a* Alma 29:1–2; L&V 34:5–6; 63:57.
15 *a* GS Siel—Waarde van siele.
16 *a* GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.

[b]vreugde wees as julle baie siele na My sou [c]bring!

17 Kyk, julle het my evangelie voor julle, en my rots, en my [a]heil.

18 [a]Vra die Vader in my [b]Naam in geloof, en glo dat julle sal ontvang, en julle sal die Heilige Gees hê, wat alle dinge openbaar wat [c]raadsaam is vir die kinders van mense.

19 En as julle nie [a]geloof, [b]hoop en [c]naasteliefde het nie, kan julle niks doen nie.

20 [a]Stry nie met enige kerk nie, behalwe die [b]kerk van die duiwel.

21 Neem op julle die [a]Naam van Christus, en [b]spreek die waarheid in [c]erns.

22 En soveel as wat bekeer en [a]gedoop word in my Naam, wat Jesus Christus is, en [b]volhard tot die einde, hulle sal gered word.

23 Kyk, Jesus Christus is die [a]Naam wat gegee is deur die Vader, en daar is geen ander naam gegee waardeur die mens gered kan word nie.

24 Daarom, alle mense moet op hulle die naam neem wat gegee is deur die Vader, want volgens daardie naam sal hulle genoem word op die laaste dag;

25 Daarom, as hulle nie die [a]naam ken waarby hulle genoem word nie, kan hulle nie plek hê in die [b]koninkryk van my Vader nie.

26 En nou, kyk, daar is andere wat geroep word om my evangelie te predik, beide tot die [a]nie-Jood en tot die Jood;

27 Ja, naamlik twaalf; en die [a]Twaalf sal my dissipels wees, en hulle sal op hulle my Naam neem; en die Twaalf is hulle wat sal begeer om op hulle my [b]Naam te neem met volle voorneme van hart.

28 En as hulle begeer om op hulle my Naam te neem met volle voorneme van hart, word hulle geroep om in die hele [a]wêreld te gaan om my [b]evangelie te preek aan [c]elke skepsel.

29 En dit is hulle wat deur My geordineer is om te [a]doop in my Naam, volgens dit wat geskryf is;

30 En julle het dit wat geskryf is voor julle; daarom, julle moet dit uitvoer volgens die woorde wat geskryf is.

31 En nou spreek Ek tot julle, die [a]Twaalf—Kyk, my genade is voldoende vir julle; julle moet

---

16 *b* Alma 26:11. GS Vreugde.
*c* GS Sendingwerk.
17 *a* GS Heil.
18 *a* GS Gebed.
*b* Joh. 15:16.
*c* L&V 88:63–65.
19 *a* GS Geloof, Glo.
*b* GS Hoop.
*c* GS Naasteliefde.
20 *a* 2 Tim. 2:23–24; 3 Ne. 11:29–30.
*b* GS Duiwel—Die kerk van die duiwel.
21 *a* 2 Ne. 31:13; Mosia 5:8; 3 Ne. 27:5; L&V 20:37.
*b* L&V 100:5–8.
*c* Rom. 12:3.
22 *a* GS Doop.
*b* GS Volhard.
23 *a* Mal. 1:11; Hand. 4:12; Mosia 3:17; Hel. 3:28–29.
25 *a* Mosia 5:9–14.
*b* GS Selestiale Heerlikheid.
26 *a* L&V 90:8–9; 112:4.
27 *a* GS Apostel.
*b* L&V 27:12.
28 *a* Mark. 16:15–16.
*b* GS Evangelie.
*c* L&V 1:2; 42:58.
29 *a* 3 Ne. 11:21–28; L&V 20:72–74.
31 *a* L&V 107:23–35.

opreg wandel voor My en nie sondig nie.

32 En, kyk, julle is hulle wat georDINEER is deur My om priesters en leraars te [a]ordineer; om my evangelie te verkondig, [b]volgens die mag van die Heilige Gees wat in julle is, en volgens die [c]roepings en gawes van God aan die mens.

33 En Ek, Jesus Christus, julle Here en julle God, het dit gespreek.

34 Hierdie [a]woorde is nie van die mens of ’n man nie, maar van My; daarom, julle sal getuig dat hulle van My is en nie van die mens nie.

35 Want dit is my [a]stem wat dit spreek tot julle; want hulle word gegee deur my Gees aan julle, en deur my krag kan julle dit vir mekaar lees; en behalwe deur my krag kon julle dit nie hê nie.

36 Daarom, julle kan [a]getuig dat julle my stem gehoor het, en my woorde ken.

37 En nou, kyk, Ek gee aan jou, Oliver Cowdery, en ook aan David Whitmer, dat julle die Twaalf moet soek, wat die begeertes sal hê waarvan Ek gespreek het.

38 En deur hulle begeertes en hulle [a]werke sal julle hulle ken.

39 En wanneer julle hulle gevind het, sal julle hierdie dinge aan hulle toon.

40 En julle sal neerval en die Vader [a]aanbid in my Naam.

41 En julle moet vir die wêreld preek, en sê: Julle moet bekeer en gedoop word, in die Naam van Jesus Christus;

42 Want alle mense moet bekeer en gedoop word, en nie slegs mans nie, maar vroue en kinders wat die ouderdom van [a]toerekenbaarheid bereik het.

43 En nou, nadat julle dit ontvang het, moet julle my [a]gebooie onderhou in alle dinge.

44 En deur julle hande sal Ek ’n [a]wonderbaarlike werk doen onder die kinders van mense, tot die [b]oortuiging van baie van hulle sondes, sodat hulle mag kom tot bekering, en sodat hulle mag kom tot die koninkryk van my Vader.

45 Daarom, die seëninge wat Ek aan julle gee is [a]bo alle dinge.

46 En nadat julle dit ontvang het, as julle nie my gebooie [a]onderhou nie, kan julle nie gered word in die koninkryk van my Vader nie.

47 Kyk, Ek, Jesus Christus, julle Here en julle God, en julle Verlosser, deur die krag van my Gees het dit gespreek. Amen.

---

32 *a* Moro. 3; L&V 20:60; 107:58. GS Ordineer, Ordinering.
*b* 2 Petr. 1:21; L&V 68:3–4.
*c* L&V 20:27.
34 *a* GS Skrifture.
35 *a* L&V 1:38. GS Stem.
36 *a* GS Getuig.
38 *a* GS Werke.
40 *a* GS Aanbid.
42 *a* L&V 20:71; 29:47; 68:27. GS Toerekenbaar, Toerekenbaarheid.
43 *a* GS Gebooie van God.
44 *a* Jes. 29:14; L&V 4:1.
*b* Alma 36:12–19; 62:45.
45 *a* L&V 84:35–38.
46 *a* L&V 82:3.

# AFDELING 19

*Openbaring gegee deur Joseph Smith, te Manchester, New York, waarskynlik in die somer van 1829. In sy geskiedenis het die Profeet dit ingelei as "'n gebod van God en nie van die mens nie, aan Martin Harris, gegee deur Hom wat Ewig is."*

*1–3, Christus het alle krag; 4–5, Alle mense moet bekeer of ly; 6–12, Ewige straf is God se straf; 13–20, Christus het vir almal gely, sodat hulle nie mag ly nie as hulle sal bekeer; 21–28, Preek die evangelie van bekering; 29–41, Verkondig blye tydings.*

Ek is [a]Alfa en Omega, [b]Christus
die Here; ja, Ek is waarlik Hy, die
begin en die einde, die Verlosser
van die wêreld.
2 Ek, nadat Ek die wil volvoer
en [a]volbring het van Hom wie
s'n Ek is, naamlik die Vader, aan-
gaande My—en dit gedoen het
sodat Ek alle dinge mag [b]onder-
werp aan My—
3 Ek het alle [a]krag behou, tot
die [b]vernietiging van Satan en sy
werke aan die [c]einde van die wê-
reld, en die laaste groot dag van
oordeel, wat Ek sal laat geskied
op die inwoners daarvan, wan-
neer Ek elke mens [d]oordeel vol-
gens sy [e]werke en die dade wat
hy gedoen het.
4 En sekerlik moet elke mens
[a]bekeer of [b]ly, want Ek, God, is
[c]eindeloos.
5 Daarom, Ek [a]herroep nie die
oordele wat Ek sal vel nie, maar
wee sal uitgaan, gehuil, [b]geween
en gekners van tande, ja aan die-
gene wat gevind word aan my
[c]linkerhand.
6 Nietemin, dit is [a]nie geskryf
dat daar geen einde sal wees aan
hierdie pyniging nie, maar dit is
geskryf [b]*eindelose pyniging.*
7 Voorts, dit is geskrywe [a]*ewige
verdoemenis;* daarom is dit meer
duidelik as ander skrifture, so-
dat dit mag inwerk op die harte
van die kinders van mense, ge-
heel en al vir die heerlikheid van
my Naam.
8 Daarom, Ek sal aan julle hier-
die verborgenheid verduidelik,
want dit is gepas vir julle om te
weet net soos my apostels.
9 Ek praat met julle wat gekies
is in hierdie ding, asof een, sodat
julle my [a]rus mag binnegaan.

**19** 1*a* Openb. 1:8, 11; 3 Ne. 9:18; L&V 35:1; 61:1. GS Alfa en Omega.
*b* GS Jesus Christus.
2*a* Joh. 17:4; 3 Ne. 11:11.
*b* Filip. 3:21.
3*a* GS Krag.
*b* Jes. 14:12–17; 1 Joh. 3:8; 1 Ne. 22:26; L&V 88:111–115.
*c* GS Wêreld—Einde van die wêreld.
*d* GS Oordeel, Die Laaste.
*e* GS Werke.
4*a* GS Bekeer, Bekering.
*b* Lk. 13:3; Hel. 14:19.
*c* Moses 1:3.
5*a* L&V 56:4; 58:32.
*b* Matt. 13:42.
*c* Matt. 25:41–43.
6*a* L&V 76:105–106; 138:59.
*b* L&V 76:33, 44–45.
7*a* Hel. 12:25–26; L&V 29:44.
9*a* GS Rus.

10 Want, kyk, die [a]verborgenheid
van goddelikheid, hoe groot is dit!
Want, kyk, Ek is eindeloos, en die
straf wat gegee word vanuit my
hand is eindelose straf, want [b]Eindeloos is my Naam. Daarom—
11 [a]Ewige straf is God se straf.
12 Eindelose straf is God se straf.
13 Daarom, Ek gebied jou om te
bekeer, en onderhou die [a]gebooie
wat jy ontvang het deur die hand
van my dienskneg Joseph Smith,
Jr., in my Naam;
14 En dit is deur my almagtige
krag dat jy hulle ontvang het.
15 Daarom Ek gebied jou om te
bekeer—bekeer, sodat Ek jou nie
slaan met die roede van my mond
nie, en deur my toorn en deur my
woede, en jou [a]lyding sal groot
wees—hoe groot weet jy nie, hoe
hewig weet jy nie, ja, hoe moeilik
om te verdra weet jy nie.
16 Want kyk, Ek, God, het hierdie dinge [a]gely vir almal, sodat
hulle nie [b]hoef te ly nie as hulle
sal [c]bekeer;
17 Maar as hulle nie sal bekeer
nie moet hulle [a]ly net soos Ek;
18 Welke lyding My, naamlik
God, die grootste van almal, laat
bewe het vanweë pyn, en om te
bloei van elke porie, en om te ly
beide liggaam en gees—en wou
dat Ek [a]nie moes drink van die
bitter beker nie, en terugdeins—
19 Nietemin, heerlikheid aan die
Vader, en Ek het gedrink en my
voorbereidings [a]voltooi vir die
kinders van mense.
20 Daarom, Ek gebied jou weer
om te bekeer, of Ek sal jou verootmoedig met my almagtige krag;
en dat jy jou sondes [a]bely, of jy sal
hierdie strawwe ly waarvan Ek
gespreek het, sommige waarvan
in die kleinste, ja selfs in die geringste mate jy gesmaak het op die
tydstip toe Ek my gees onttrek het.
21 En Ek gebied jou dat jy niks
[a]preek behalwe bekering nie, en
wys [b]nie hierdie dinge aan die
wêreld totdat dit wysheid is in
My nie.
22 Want hulle kan nie nou vleis
[a]verduur nie, maar [b]melk moet
hulle ontvang; daarom, hulle
moet nie hierdie dinge weet nie,
sodat hulle nie vergaan nie.
23 Leer van My, en luister na
my woorde; [a]wandel in die [b]sagmoedigheid van my Gees, en jy
sal [c]vrede hê in My.
24 Ek is [a]Jesus Christus; Ek het
gekom deur die wil van die Vader, en Ek doen sy wil.

---

10*a* Jakob 4:8; L&V 76:114–116.
*b* Moses 1:3; 7:35. GS Eindeloos.
11*a* Matt. 25:46.
13*a* L&V 5:2; 10:6–7; 17.
15*a* Alma 36:11–19.
16*a* Alma 11:40–41. GS Versoen, Versoening.
*b* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
*c* GS Vergifnis van Sondes.
17*a* L&V 29:17.
18*a* Lk. 22:42–44.
19*a* Joh. 17:4; 19:30.
20*a* Núm. 5:6–7; Mosia 26:29; L&V 58:43; 64:7. GS Bely, Belydenis.
21*a* L&V 11:9.
*b* JS—G 1:42.
22*a* L&V 78:17–18.
*b* Hebr. 5:11–14; L&V 50:40.
23*a* Moro. 7:3–4.
*b* GS Sagmoedig, Sagmoedigheid.
*c* GS Vrede.
24*a* GS Jesus Christus.

25 En weer, Ek gebied jou dat
jy nie jou naaste se [a]vrou sal [b]be-
geer nie; nóg jou naaste se lewe
soek.
26 En weer, Ek gebied jou dat
jy nie jou eie eiendom sal begeer
nie, maar gee dit vryelik vir die
druk van die Boek van Mormon,
wat die [a]waarheid bevat en die
woord van God—
27 Wat my woord is aan die [a]nie-
Jood, sodat dit spoedig mag gaan
na die [b]Jood, van wie die Lama-
niete ′n [c]oorblyfsel is, sodat hulle
die evangelie mag glo, en nie uit-
sien na ′n [d]Messias om te kom wat
alreeds gekom het nie.
28 En weer, Ek gebied jou dat jy
[a]hardop moet [b]bid asook in jou
hart; ja, voor die wêreld asook in
die geheim, in die openbaar asook
in die geheim.
29 En jy sal blye tydings [a]ver-
kondig, ja maak dit bekend op die
berge, en op elke hoë plek, en on-
der elke volk wat jy toegelaat sal
word om te sien.
30 En jy sal dit doen in alle ne-
derigheid, [a]vertrouend op My, en
moenie uitvaar teen hulle wat uit-
vaar nie.
31 En van [a]leringe sal jy nie praat
nie, maar jy sal bekering en [b]ge-
loof verkondig in die Saligmaker,
en [c]vergifnis van sondes deur
[d]doop, en deur [e]vuur, ja, naamlik
die [f]Heilige Gees.
32 Kyk, hierdie is ′n groot en die
laaste [a]gebod wat Ek aan jou sal
gee aangaande hierdie saak; want
dit sal voldoen vir jou daaglikse
wandel, en wel tot die einde van
jou lewe.
33 En ellende sal jy ontvang as
jy hierdie [a]raad sal minag, ja, en
wel die vernietiging van jouself
en jou eiendom.
34 [a]Gee ′n deel van jou eiendom,
ja, naamlik ′n deel van jou land,
en gee alles, behalwe vir die on-
derhoud van jou familie.
35 Betaal die [a]skuld wat jy [b]aan-
gegaan het met die drukker. Ver-
los jouself van [c]gebondenheid.
36 [a]Verlaat jou huis en tuiste, be-
halwe wanneer jy begeer om jou
familie te sien;
37 En [a]spreek vryelik met almal;
ja, preek, vermaan, verkondig die
[b]waarheid, en wel met ′n luide
stem, met ′n klank van vreugde,
roepende—Hosanna, hosanna,
prys die Naam van die Here God!
38 [a]Bid altyd, en Ek sal my Gees

25 *a* Ex. 20:17;
1 Kor. 7:2–4.
GS Egbreuk.
*b* GS Begeer.
26 *a* GS Waarheid.
27 *a* GS Nie-Jode.
*b* GS Jode.
*c* Omni 1:14–19;
Mosia 25:2–4;
Hel. 8:21;
3 Ne. 2:12–16.
*d* GS Messias.
28 *a* L&V 20:47, 51; 23:6.
*b* 1 Tim. 2:8.
GS Gebed.
29 *a* GS Sendingwerk.
30 *a* GS Vertrou.
31 *a* 2 Tim. 2:23–24.
*b* GS Geloof, Glo.
*c* GS Vergifnis
van Sondes.
*d* GS Doop.
*e* Matt. 3:11.
*f* GS Gawe van die
Heilige Gees.
32 *a* L&V 58:26–29.
33 *a* GS Gebooie van God.
34 *a* Hand. 4:34–35.
35 *a* GS Skuld.
*b* DI om te betaal vir die
publikasie van die
eerste uitgawe van die
Boek van Mormon.
*c* Spr. 22:7.
36 *a* Matt. 19:29.
37 *a* L&V 58:47; 68:8; 71:7.
*b* L&V 75:4.
38 *a* Lk. 18:1;
2 Ne. 32:9; L&V 10:5.

[b]uitstort op jou, en groot sal jou seëning wees—ja, selfs meer as wanneer jy skatte van die aarde sou verkry en verganklikheid tot die omvang daarvan.
39 Kyk, kan jy dit lees sonder verblyding en opheffing van jou hart vanweë blydskap?
40 Of kan jy langer rondgaan soos 'n blinde gids?
41 Of kan jy nederig en [a]sagmoedig wees, en jouself wyslik gedra voor My? Ja, [b]kom na My jou Saligmaker. Amen.

## AFDELING 20

*Openbaring oor Kerkorganisasie en -bestuur, gegee deur Joseph Smith die Profeet, te of naby Fayette, New York. Dele van hierdie openbaring kon so vroeg as somer 1829 gegee gewees het. Die volledige openbaring, bekend gedurende dié tyd as die Articles and Covenants [Artikels en Verbonde], is moontlik opgeteken kort na 6 April 1830 (die dag waarop die Kerk georganiseer is). Die Profeet het geskryf: "Ons het ontvang van Hom [Jesus Christus] die volgende, deur die gees van profesie en openbaring; wat nie slegs vir ons baie inligting gegee het nie, maar ook vir ons aangedui het die presiese dag waarop, volgens sy wil en gebod, ons moes voortgaan om sy Kerk weer eens hier op die aarde te organiseer."*

*1–16, Die Boek van Mormon bewys die goddelikheid van die werk van die laaste dae; 17–28, Die leer van die skepping, die val, die soendood, en die doop word bevestig; 29–37, Wette wat bekering, regverdigmaking, heiligmaking, en die doop beheer, word uiteengesit; 38–67, Pligte van ouderlinge, priesters, leraars en diakens word opgesom; 68–74, Pligte van lede, seëning van kinders, en die wyse van die doop word geopenbaar; 75–84, Nagmaalsgebede en reëls wat Kerklidmaatskap beheer, word gegee.*

DIE [a]opkoms van die [b]Kerk van Jesus Christus in hierdie die laaste dae, en wel een duisend agt honderd en dertig jaar sedert die koms van ons Here en Saligmaker Jesus Christus in die vlees, wat reëlmatig [c]georganiseer en gevestig is ooreenkomstig die wette van ons land, deur die wil en gebooie van God, in die vierde maand, en op

38 *b* Spr. 1:23; Hand. 2:17.
41 *a* GS Nederig, Nederigheid.
*b* Matt. 11:28–30.
**20** 1 *a* JS—G 1:2.
*b* 3 Ne. 27:1–8. GS Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, Die; Kerk, Naam van.
*c* L&V 21:3.

die sesde dag van die maand wat
April genoem word—
2 Welke gebooie gegee is aan
Joseph Smith, Jr., wat [a]geroep
is deur God, en'n [b]apostel van
Jesus Christus geordineer is, om
die eerste [c]ouderling te wees van
hierdie kerk.
3 En aan Oliver Cowdery, wat
ook geroep is deur God, 'n apos-
tel van Jesus Christus, om die
tweede ouderling te wees van
hierdie kerk, en geordineer on-
der sy hand;
4 En dit volgens die genade van
ons Here en Saligmaker Jesus
Christus, aan wie al die heerlik-
heid toekom, beide nou en vir
ewig. Amen.
5 Nadat dit waarlik getoon is
aan hierdie eerste ouderling dat
hy 'n vergifnis ontvang het van
sy sondes, was hy weer [a]verstrik
in die ydelhede van die wêreld.
6 Maar na bekering, en hy hom-
self opreg verootmoedig het, deur
geloof, het God hom bygestaan
deur 'n heilige [a]engel, wie se [b]ge-
laat soos weerlig was, en wie se
kleding rein en wit was bo alle an-
der witheid;
7 En het aan hom gegee gebooie
wat hom geïnspireer het;
8 En het hom die krag gegee van
omhoog, deur die [a]middele wat
voorheen berei is om die Boek van
Mormon te vertaal;
9 Wat 'n kroniek bevat van 'n ge-
valle volk, en die [a]volheid van die
[b]evangelie van Jesus Christus aan
die nie-Jode en ook aan die Jode;
10 Wat gegee is deur inspirasie,
en is bevestig aan [a]andere deur
die bediening van engele, en is
[b]bekendgemaak aan die wêreld
deur hulle—
11 Wat bewys aan die wêreld dat
die heilige skrifture [a]waar is en
dat God wel mense [b]inspireer en
hulle roep tot sy [c]heilige werk in
hierdie tyd en geslag, sowel as in
die geslagte van ouds;
12 En daardeur toon dat Hy
[a]dieselfde God is gister, vandag
en vir ewig. Amen.
13 Daarom, omdat dit sulke
groot getuies het, sal die wêreld
deur hulle geoordeel word, en
wel soveel as wat hierna kom tot
'n kennis van hierdie werk.
14 En diegene wat dit ontvang
in geloof, en [a]regverdigheid doen,
sal 'n [b]kroon van ewige lewe ont-
vang;
15 Maar diegene wat hulle
harte verhard in [a]ongeloof, en dit

2*a* GS Gesag; Roep, Geroepe van God, Roeping.
*b* GS Apostel.
*c* GS Ouderling.
5*a* JS—G 1:28–29.
6*a* JS—G 1:30–35. GS Engele.
*b* Matt. 28:2–3.
8*a* GS Urim en Tummim.
9*a* JS—G 1:34.
*b* GS Evangelie.
10*a* Moro. 7:29–32; L&V 5:11.
*b* Sien "Die Getuienis van Drie Getuies" en "Die Getuienis van Agt Getuies" in die voorwerk van die Boek van Mormon.
11*a* GS Skrifture—Waarde van die skrifture.
*b* GS Inspirasie, Inspireer.
*c* GS Heilig.
12*a* Hebr. 13:8; 1 Ne. 10:18–19; Morm. 9:9–10; L&V 35:1; 38:1–4.
14*a* GS Regverdigheid, Regverdig.
*b* GS Ewige Lewe; Verheffing.
15*a* GS Ongeloof.

verwerp, dit sal lei na hul eie veroordeling—

16 Want die Here God het dit gespreek; en ons, die ouderlinge van die kerk, het gehoor en lewer getuienis van die woorde van die glorieryke Majesteit omhoog, aan wie die heerlikheid toekom vir ewig en ewig. Amen.

17 Vanweë hierdie dinge [a]weet ons dat daar ŉ [b]God in die hemel is, wat oneindig en ewig is, van ewigdurendheid tot ewigdurendheid, dieselfde onveranderlike God, die maker van hemel en aarde en alle dinge wat in hulle is;

18 En dat Hy die mens [a]geskape het, man en vrou, na sy eie [b]beeld en na sy eie gelykenis, het Hy hulle geskape;

19 En het aan hulle gebooie gegee dat hulle Hom moet [a]liefhê en Hom [b]dien, die enigste lewende en ware God, en dat Hy die enigste wese moes wees wat hulle moet [c]aanbid.

20 Maar deur die oortreding van hierdie heilige wette het die mens [a]vleeslik en [b]duiwels geword, en het [c]gevalle mens geword.

21 Daarom, die Almagtige God het sy [a]Eniggebore Seun gegee, soos dit geskryf is in daardie skrifture wat van Hom gegee is.

22 Hy het [a]versoekings gely maar geen ag geslaan op hulle nie.

23 Hy is [a]gekruisig, het gesterf, en weer [b]opgestaan op die derde dag;

24 En [a]opgevaar na die hemel, om te sit aan die regterhand van die [b]Vader, om te heers met almagtige krag volgens die wil van die Vader;

25 Sodat soveel as wat wil [a]glo en gedoop word in sy heilige Naam, en [b]volhard in geloof tot die einde, sal gered word—

26 Nie net diegene wat geglo het nadat Hy gekom het in die [a]middelpunt van tyd, in die vlees nie, maar al diegene vanaf die begin, naamlik soveel as wat was voor Hy gekom het, wat geglo het in die woorde van die [b]heilige profete, wat gespreek het soos hulle geïnspireer is deur die [c]gawe van die Heilige Gees, wat waarlik [d]getuig het van Hom in alle dinge, sal die ewige lewe hê.

27 Asook diegene wat daarna kom, wat sal glo in die [a]gawes en roepings van God deur die

17*a* L&V 76:22–23.
*b* Jos. 2:11. GS God, Godheid.
18*a* GS Skep, Skepping.
*b* Gén. 1:26–27; Mosia 7:27; Ether 3:14–17.
19*a* Deut. 11:1; Matt. 22:37; Moro. 10:32; L&V 59:5–6.
*b* Deut. 6:13–15. GS Diens.
*c* GS Aanbid.
20*a* GS Wellus, Wellustigheid.
*b* GS Duiwel.
*c* GS Natuurlike Mens.
21*a* GS Eniggeborene.
22*a* Matt. 4:1–11; 27:40.
23*a* GS Kruisiging.
*b* GS Opstanding.
24*a* GS Hemelvaart.
*b* GS God, Godheid—God die Vader; Vader in die Hemel.
25*a* L&V 35:2; 38:4; 45:5, 8; 68:9; 76:51–53.
*b* GS Volhard.
26*a* L&V 39:1–3.
*b* Jakob 4:4; 7:11; Mosia 13:33.
*c* Moses 5:58. GS Heilige Gees.
*d* GS Jesus Christus—Profesieë aangaande die geboorte en dood van Jesus Christus.
27*a* L&V 18:32.

Heilige Gees, wat [b]getuienis lewer van die Vader en die Seun;
28 Welke Vader, Seun en Heilige Gees [a]een God is, oneindig en ewig, sonder einde. Amen.
29 En ons weet dat alle mense moet [a]bekeer en glo in die Naam van Jesus Christus, en die Vader aanbid in sy Naam, en volhard in [b]geloof in sy Naam tot die einde, of hulle kan nie [c]gered word in die koninkryk van God nie.
30 En ons weet dat [a]regverdigmaking deur die [b]genade van ons Here en Saligmaker Jesus Christus juis en waar is;
31 En ons weet ook, dat [a]heiligmaking deur die genade van ons Here en Saligmaker Jesus Christus juis en waar is, aan al diegene wat God liefhet en dien met hulle hele [b]mag, verstand en krag.
32 Maar daar is ʼn moontlikheid dat die mens kan [a]val van genade en die lewende God verlaat;
33 Daarom, laat die kerk oplet en altyd bid, dat hulle nie in [a]versoeking val nie;
34 Ja, en laat selfs diegene wat geheilig is ook oplet.
35 En ons weet dat hierdie dinge waar is en volgens die openbarings van Johannes, nóg [a]byvoeg tot, nóg wegneem van die profesie van hierdie boek, die heilige [b]skrifture, of die openbarings van God wat hierna sal kom deur die gawe en mag van die Heilige Gees, die [c]stem van God, of die bediening van engele.
36 En die Here God het dit gespreek; en laat eer, krag en heerlikheid betoon word aan sy heilige Naam, beide nou en ewig. Amen.
37 *En verder, by wyse van gebod aan die kerk aangaande die wyse van doop*—Al diegene wat hulle verootmoedig voor God en begeer om [a]gedoop te word, en na vore kom met [b]gebroke harte en verslae geeste en getuig voor die kerk dat hulle waarlik bekeer het van hulle sondes en gewillig is om op hulle die [c]Naam van Jesus Christus te neem, met ʼn [d]vasberadenheid om Hom te dien tot die einde en waarlik toon deur hulle [e]werke dat hulle ontvang het van die Gees van Christus tot die [f]vergifnis van hul sondes, sal ontvang word deur die doop in sy kerk.
38 *Die plig van die ouderlinge, priesters, leraars, diakens en lede van die kerk van Christus*—ʼn [a]Apostel is ʼn [b]ouderling, en dit is sy roeping om te doop;

---

27 *b* L&V 42:17.
28 *a* Joh. 17:20–22; 3 Ne. 11:27, 36. GS God, Godheid.
29 *a* GS Bekeer, Bekering.
*b* GS Geloof, Glo.
*c* GS Heil; Plan van Verlossing.
30 *a* GS Regverdigmaking, Regverdig.
*b* GS Genade.
31 *a* GS Heiligmaking.
*b* Deut. 6:5; Moro. 10:32.
32 *a* GS Afval; Rebellie.
33 *a* GS Versoek, Versoeking.
35 *a* Openb. 22:18–19.
*b* GS Skrifture.
*c* L&V 18:33–36.
37 *a* GS Doop.
*b* GS Gebroke Hart.
*c* Mosia 5:7–9; 18:8–10. GS Jesus Christus—Om die Naam van Jesus Christus op ons te neem.
*d* GS Volhard.
*e* Jak. 2:18. GS Werke.
*f* GS Vergifnis van Sondes.
38 *a* GS Apostel.
*b* 3 Ne. 11:21–22.

39 En om ander ouderlinge,
priesters, leraars, en diakens te
[a]ordineer;
40 En om die brood en wyn te
[a]bedien—die embleme van die
vlees en bloed van Christus—
41 En om diegene te [a]bevestig wat gedoop word in die
kerk, deur die oplegging van
[b]hande vir die doop van vuur
en die [c]Heilige Gees, volgens die
skrifture;
42 En om te leer, uit te lê, te vermaan, te doop en te waak oor die
kerk;
43 En om die kerk te bevestig
deur die oplegging van hande,
en die skenking van die Heilige
Gees;
44 En om die leiding te neem by
alle vergaderings.
45 Die ouderlinge moet die vergaderings [a]lei soos hulle gelei
word deur die Heilige Gees, ooreenkomstig die gebooie en openbarings van God.
46 Die [a]priester se plig is om
te preek, te [b]leer, uit te lê, te vermaan, en te doop, en om die nagmaal te bedien,
47 En om die huis van elke lid te
besoek, en om hulle te vermaan
om [a]hardop te [b]bid en in die geheim en alle [c]familiepligte na te
kom.
48 En hy mag ook ander priesters, leraars en diakens [a]ordineer.
49 En hy moet die leiding neem
by vergaderings as daar geen ouderling teenwoordig is nie;
50 Maar wanneer daar ′n ouderling teenwoordig is, moet hy
net preek, leer, uitlê, vermaan, en
doop,
51 En die huis van elke lid
besoek, om hulle te vermaan
om hardop te bid en in die geheim en alle familiepligte na
te kom.
52 In al hierdie pligte moet die
priester die ouderling [a]bystaan
indien die omstandighede dit
vereis.
53 Die [a]leraar se plig is om altyd te [b]waak oor die kerk, en met
hulle te wees en hulle te versterk.
54 En toesien dat daar geen
ongeregtigheid in die kerk is
nie, nóg [a]hardheid teenoor mekaar, nóg leuens, nóg laster, nóg
[b]kwaadsprekery;
55 En toesien dat die kerk gereeld byeenkom, en ook toesien
dat al die lede hulle pligte nakom.
56 En hy moet die leiding
neem by vergaderings in die afwesigheid van die ouderling of
priester—
57 En moet altyd bygestaan
word, in al sy pligte in die kerk,

39*a* Moro. 3; L&V 107:58.
40*a* GS Nagmaal.
41*a* L&V 33:11, 14–15; 55:3.
*b* GS Hande, Oplegging van.
*c* GS Gawe van die Heilige Gees.
45*a* Moro. 6:9; L&V 46:2.
46*a* L&V 84:111; 107:61. GS Priester, Aäroniese Priesterskap.
*b* GS Onderrig, Onderwyser.
47*a* L&V 19:28.
*b* 1 Tim. 2:8.
*c* GS Gesin.
48*a* GS Ordineer, Ordinering.
52*a* L&V 107:14.
53*a* GS Leraar, Aäroniese Priesterskap.
*b* GS Waak, Wagte.
54*a* 1 Thes. 5:11–13.
*b* GS Kwaadsprekery.

deur die [a]diakens, indien omstandighede dit vereis.

58 Maar nóg leraars nóg diakens het gesag om te doop, die nagmaal te bedien, of hande op te lê.

59 Hulle moet, egter, waarsku, uitlê, vermaan, en leer, en almal uitnooi om na Christus te kom.

60 Elke [a]ouderling, priester, leraar of diaken moet geordineer word ooreenkomstig die gawes en [b]roepings van God aan hom; en hy moet geordineer word deur die mag van die Heilige Gees, wat in die een is wat hom ordineer.

61 Die onderskeie ouderlinge wat hierdie kerk van Christus vorm, moet in konferensie byeenkom eenkeer elke drie maande, of van tyd tot tyd soos genoemde konferensies sal aanwys of vasstel;

62 En genoemde konferensies moet sodanige kerklike sake afhandel wat nodig is om af te handel op daardie tydstip.

63 Die ouderlinge moet hulle lisensies ontvang van ander ouderlinge, deur die [a]stem van die kerk waaraan hulle behoort, of van die konferensies.

64 Elke priester, leraar of diaken, wat geordineer is deur ′n priester, mag ′n sertifikaat van hom kry op daardie tydstip, welke [a]sertifikaat, wanneer voorgelê aan ′n ouderling, hom die reg sal gee op ′n lisensie, wat hom sal magtig om die pligte van sy roeping uit te voer, of hy mag dit ontvang van ′n konferensie.

65 Geen persoon mag [a]geordineer word tot enige amp in hierdie kerk, waar daar ′n behoorlik georganiseerde tak van die kerk is, sonder die [b]stem van daardie kerk nie.

66 Maar die presiderende ouderlinge, reisende biskoppe, hoëraadslede, hoëpriesters, en ouderlinge, mag die voorreg hê om te ordineer waar daar nie ′n tak van die kerk is sodat ′n stemming gehou mag word nie.

67 Elke president van die hoëpriesterskap (of presiderende ouderling), [a]biskop, hoëraadslid, en [b]hoëpriester, moet geordineer word onder leiding van ′n [c]hoëraad of algemene konferensie.

68 *Die [a]plig van die lede nadat hulle deur die doop ontvang is*—Die ouderlinge of priesters moet genoeg tyd hê om alle dinge uit te lê aangaande die kerk van Christus sodat hulle [b]verstaan, voordat hulle van die [c]nagmaal gebruik en bevestig word deur die oplegging van [d]hande van die ouderlinge, sodat alle dinge ordelik gedoen word.

69 En die lede moet aan die

57*a* GS Diaken.
60*a* GS Ouderling.
*b* GS Roep, Geroepe van God, Roeping.
63*a* GS Algemene Instemming.
64*a* L&V 20:84; 52:41.
65*a* GS Ordineer, Ordinering.
*b* L&V 26:2. GS Algemene Instemming.
67*a* GS Biskop.
*b* GS Hoëpriester.
*c* GS Hoëraad.
68*a* GS Plig.
*b* GS Begrip.
*c* GS Nagmaal.
*d* GS Hande, Oplegging van.

kerk, en ook aan die ouderlinge
toon, deur ʼn goddelike wandel
en spraak, dat hulle dit waardig
is, sodat daar [a]werke en geloof
mag wees ooreenkomstig die hei-
lige skrifture—wandelend in [b]hei-
ligheid voor die Here.
70 Elke lid van die kerk van
Christus met kinders moet hulle
bring na die ouderlinge voor die
kerk, wat hulle hande op hulle
moet lê in die Naam van Jesus
Christus, en hulle [a]seën in sy
Naam.
71 Niemand kan in die kerk van
Christus ontvang word tensy hy
die ouderdom van [a]toerekenbaar-
heid bereik het voor God nie, en
in staat is tot [b]bekering.
72 Die [a]doop moet bedien word
op die volgende wyse aan al die-
gene wat bekeer—
73 Die persoon wat deur God
geroep is en gesag het van Jesus
Christus om te doop, sal afgaan in
die water saam met die persoon
wat homself of haarself aange-
bied het vir die doop, en sal sê, en
hom of haar by die naam noem: In
opdrag van Jesus Christus, doop
ek u in die Naam van die Vader,
en van die Seun, en van die Hei-
lige Gees. Amen.
74 Dan sal hy hom of haar onder
die water [a]dompel, en weer uit-
kom uit die water.
75 Dit is raadsaam dat die kerk
dikwels byeenkom om te [a]gebruik
van die brood en wyn ter [b]gedag-
tenis aan die Here Jesus;
76 En die ouderling of priester
sal dit bedien; en volgens hierdie
[a]wyse sal hy dit bedien—hy sal
kniel saam met die kerk en die
Vader aanroep in plegtige gebed,
en sê:
77 O God, die Ewige Vader, ons
vra U in die Naam van u Seun,
Jesus Christus, om hierdie [a]brood
te seën en te heilig aan die siele
van al diegene wat daarvan ge-
bruik, dat hulle mag eet ter ge-
dagtenis aan die liggaam van u
Seun, en [b]getuig voor U, o God,
die Ewige Vader, dat hulle gewil-
lig is om [c]op hulle die Naam van
u Seun te neem, en Hom altyd te
onthou en sy gebooie te [d]onder-
hou wat Hy hulle gegee het; so-
dat hulle altyd sy [e]Gees mag hê
om met hulle te wees. Amen.
78 Die [a]wyse van die bediening
van die wyn—hy sal ook die [b]be-
ker neem, en sê:
79 O God, die Ewige Vader, ons
vra U in die Naam van u Seun,
Jesus Christus, om hierdie [a]wyn te
seën en te heilig aan die siele van

69 *a* Jak. 2:14–17.
*b* GS Heiligheid.
70 *a* GS Seën, Geseënd, Seëning—Seën van kinders.
71 *a* L&V 18:42; 29:47; 68:25–27. GS Doop—Vereistes vir die doop; Toerekenbaar, Toerekenbaarheid.
*b* GS Bekeer, Bekering.
72 *a* 3 Ne. 11:22–28.
74 *a* GS Doop—Doop deur onderdompeling.
75 *a* Hand. 20:7.
*b* GS Nagmaal.
76 *a* Moro. 4.
77 *a* Lk. 22:19.
*b* Mosia 18:8–10; L&V 20:37.
*c* Mosia 5:8–12.
*d* GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
*e* Joh. 14:16.
78 *a* Moro. 5.
*b* Lk. 22:20.
79 *a* L&V 27:2–4.

al diegene wat daarvan drink, dat hulle dit mag doen ter gedagtenis aan die bloed van u Seun, wat vir hulle gestort is; dat hulle mag getuig voor U, o God, die Ewige Vader, dat hulle Hom altyd onthou, sodat hulle sy Gees mag hê om met hulle te wees. Amen.

80 Enige lid van die kerk van Christus wat oortree, of verras word in 'n oortreding, sal mee gehandel word soos die skrifture vereis.

81 Dit sal die plig wees van die onderskeie kerke, wat die kerk van Christus vorm, om een of meer van hul leraars te stuur om die onderskeie konferensies by te woon wat gehou word deur die ouderlinge van die kerk,

82 Met 'n lys van die [a]name van die onderskeie lede wat hulle verenig het met die kerk sedert die vorige konferensie; of stuur met 'n priester; sodat 'n volledige lys van al die name van die hele kerk gehou mag word in 'n boek deur een van die ouderlinge, wie ook al die ander ouderlinge sal aanstel van tyd tot tyd;

83 En ook, indien enigeen uit die kerk [a]gewerp is, sodat hulle name uitgewis mag word van die algemene kerkverslag van name.

84 Alle lede wat verhuis van die kerk waar hulle woon, indien hulle gaan na 'n kerk waar hulle nie bekend is nie, mag 'n brief neem wat sertifiseer dat hulle goeie lede is en van onbesproke gedrag, welke sertifikaat geteken mag word deur enige ouderling of priester indien die lid wat die brief ontvang persoonlik bekend is aan die ouderling of priester, of dit mag geteken word deur die leraars of diakens van die kerk.

# AFDELING 21

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet, te Fayette, New York, 6 April 1830. Hierdie openbaring is gegee tydens die organisasie van die Kerk, op die genoemde datum, in die tuiste van Peter Whitmer Snr. Ses mans, wat voorheen gedoop is, het deelgeneem. Deur eenparige stem het hierdie persone hul begeerte en vasberadenheid uitgespreek om te organiseer volgens die gebod van God (sien afdeling 20). Hulle het ook gestem om Joseph Smith Jr. en Oliver Cowdery, te aanvaar en te onderskraag as die presiderende beamptes van die Kerk. Deur die oplegging van hande, het Joseph toe vir Oliver geordineer as 'n ouderling van die Kerk, en Oliver het soortgelyk vir Joseph geordineer. Na die bediening van die nagmaal, het Joseph en Oliver hande op die deelnemers afsonderlik gelê vir*

82*a* Moro. 6:4.
83*a* Ex. 32:33; Alma 5:57; Moro. 6:7.
GS Ekskommunikeer.

*die skenking van die Heilige Gees en vir die bevestiging van elkeen as 'n lid van die Kerk.*

*1–3, Joseph Smith word geroep om 'n siener, vertaler, profeet, apostel en ouderling te wees; 4–8, Sy woord sal die saak van Sion lei; 9–12, Die Heiliges sal sy woorde glo wanneer hy deur die Trooster spreek.*

Kyk, daar sal 'n [a]verslag gehou
word onder julle; en daarin sal jy
'n [b]siener genoem word, 'n ver-
tolker, 'n profeet, 'n [c]apostel van
Jesus Christus, 'n ouderling van
die kerk deur die wil van God
die Vader, en die genade van julle
Here Jesus Christus.
2 [a]Geïnspireer deur die Heilige
Gees om die fondament daarvan
te lê, en om dit op te bou tot die
allerheiligste geloof.
3 Welke [a]kerk [b]georganiseer is
en gevestig is in die jaar van julle
Here agttien honderd en dertig, in
die vierde maand, en op die sesde
dag van die maand wat April ge-
noem word.
4 Daarom, bedoelende die kerk,
jy sal ag slaan op al sy [a]woorde
en gebooie wat hy aan julle sal
gee soos hy hulle ontvang, wan-
delend in alle [b]heiligheid voor
my;
5 Want sy [a]woord sal julle ont-
vang, asof van my eie mond, in
alle geduld en geloof.
6 Want deur hierdie dinge te
doen, sal die [a]poorte van die hel
nie seëvier oor julle nie; ja, en die
Here God sal die magte van die
[b]duisternis verdryf van voor julle,
en die hemele laat [c]skud tot julle
voordeel, en sy Naam se [d]heer-
likheid.
7 Want so sê die Here God: Hom
het Ek geïnspireer om die saak
van [a]Sion te bevorder met groot
krag ten goede, en sy ywer ken
Ek, en sy gebede het Ek gehoor.
8 Ja, sy geween vir Sion het Ek
gesien, en Ek sal nie toelaat dat hy
langer oor haar sal treur nie; want
sy dag van verblyding het gekom
oor die [a]vergifnis van sondes, en
die openbarings van my seëninge
op sy werke.
9 Want, kyk, Ek sal al die-
gene wat in my [a]wingerd arbei,
[b]seën met 'n magtige seëning,
en hulle sal sy woorde glo, wat
hom gegee word deur My deur
die [c]Trooster, wat [d]openbaar dat
Jesus [e]gekruisig is deur [f]son-
dige mense vir die sondes van

**21** 1*a* L&V 47:1; 69:3–8; 85:1.
*b* GS Siener.
*c* GS Apostel.
2*a* GS Inspirasie, Inspireer.
3*a* GS Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, Die.
*b* L&V 20:1.
4*a* GS Skrifture.
*b* GS Heiligheid.
5*a* L&V 1:38. GS Onderskraging van Kerkleiers; Profeet.
6*a* Matt. 16:18; L&V 10:69.
*b* Kol. 1:12–13.
*c* L&V 35:24.
*d* GS Heerlikheid.
7*a* GS Sion.
8*a* L&V 20:5–6.
9*a* GS Wingerd van die Here.
*b* 1 Ne. 13:37; Jakob 5:70–76.
*c* GS Trooster.
*d* GS Getuig.
*e* GS Kruisiging.
*f* GS Sonde.

die [g]wêreld, ja vir die vergifnis van sondes vir die [h]berouvolle hart.

10 Nou is dit my wil dat hy deur jou [a]geordineer word, Oliver Cowdery, my apostel;

11 Dit synde 'n ordinansie vir jou te wees, dat jy 'n ouderling is onder sy hand, hy synde die [a]eerste vir jou te wees, sodat jy 'n ouderling mag wees vir hierdie kerk van Christus, wat my Naam dra.

12 En die eerste prediker van hierdie kerk aan die kerk, en voor die wêreld, ja, voor die nie-Jode; ja, en so sê die Here God, sien, sien, ook aan die [a]Jode. Amen.

## AFDELING 22

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Manchester, New York, 16 April 1830. Hierdie openbaring is gegee aan die Kerk as gevolg van sommiges wat voorheen gedoop is, begerig om te verenig met die Kerk sonder herdoop.*

*1, Die doop is 'n nuwe en ewigdurende verbond; 2–4, Doop deur die nodige gesag word vereis.*

Kyk, Ek sê vir julle dat alle [a]ou verbonde het Ek laat wegdoen in hierdie saak; en dit is 'n [b]nuwe en ewigdurende verbond, naamlik dit wat was vanaf die begin.

2 Daarom, alhoewel 'n man 'n honderd keer gedoop word, baat dit hom niks nie, want julle kan nie ingaan deur die eng poort deur die [a]wet van Moses nie, nóg deur julle [b]dooie werke.

3 Want dit is vanweë julle dooie werke dat Ek julle hierdie laaste verbond en hierdie kerk laat opbou het vir My, net soos in die dae van ouds.

4 Daarom, gaan julle in by die [a]poort, soos Ek gebied het, en [b]soek nie om julle God raad te gee nie. Amen.

## AFDELING 23

*'n Reeks van vyf openbarings gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Manchester, New York, April 1830, aan Oliver Cowdery, Hyrum*

9 *g* 1 Joh. 2:2. GS Wêreld—Mense wat nie die gebooie gehoorsaam nie.
*h* GS Gebroke Hart.
10 *a* GS Ordineer, Ordinering.
11 *a* L&V 20:2.
12 *a* 1 Ne. 13:42; L&V 19:27; 90:8–9.
**22** 1 *a* Hebr. 8:13; 3 Ne. 12:46–47.
*b* L&V 66:2. GS Nuwe en Ewigdurende Verbond; Verbond.
2 *a* Gal. 2:16. GS Wet van Moses.
*b* Moro. 8:23–26.
4 *a* Matt. 7:13–14; Lk. 13:24; 2 Ne. 9:41; 31:9, 17–18; 3 Ne. 14:13–14. GS Doop.
*b* Jakob 4:10.

*Smith, Samuel H. Smith, Joseph Smith Snr. en Joseph Knight Snr. As die gevolg van 'n opregte begeerte van die genoemde vyf persone om te weet van hul onderskeie pligte, het die Profeet by die Here navraag gedoen en 'n openbaring vir elke persoon ontvang.*

*1–7, Hierdie eerste dissipels word geroep om te preek, vermaan, en die kerk te versterk.*

Kyk, Ek spreek tot jou, Oliver, 'n paar woorde. Kyk, jy is geseënd, en is onder geen veroordeling nie. Maar waak teen [a]hoogmoed, sodat jy nie in [b]versoeking kom nie.

2 Maak jou roeping bekend aan die kerk, en ook voor die wêreld, en jou hart sal geopen word om die waarheid te preek van nou af en vir ewig. Amen.

3 Kyk, Ek spreek tot jou, Hyrum, 'n paar woorde; want jy is ook onder geen veroordeling nie, en jou hart is geopen, en jou tong losgemaak; en jou roeping is om te vermaan, en om die kerk voortdurend te [a]versterk. Daarom, jou plig is tot die kerk vir ewig, en dit vanweë jou familie. Amen.

4 Kyk, Ek spreek 'n paar woorde tot jou, [a]Samuel; want jy is ook onder geen veroordeling nie, en jou roeping is ook tot vermaning, en om die kerk te versterk; en jy is nog nie geroep om vir die wêreld te preek nie. Amen.

5 Kyk, Ek spreek 'n paar woorde tot jou, Joseph; want jy is ook onder geen veroordeling nie, en jou roeping is ook tot vermaning, en om die kerk te versterk; en dit is jou plig van nou af en vir ewig. Amen.

6 Kyk, Ek openbaar aan jou, Joseph Knight, deur hierdie woorde, dat jy jou [a]kruis moet opneem, daarin dat jy [b]hardop moet [c]bid voor die wêreld asook in die geheim, en in jou familie, en onder jou vriende, en in alle plekke.

7 En kyk, dit is jou plig om te [a]verenig met die ware kerk, en laat jou taal voortdurend tot vermaning wees, sodat jy die loon van die arbeider mag ontvang. Amen.

---

# AFDELING 24

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet en Oliver Cowdery, te Harmony, Pennsilvanië, Julie 1830. Alhoewel minder as vier maande verloop het sedert die organisasie van die Kerk, het vervolging intens geword, en die leiers moes veiligheid soek in gedeeltelike afsondering.*

---

**23** 1*a* GS Hoogmoed.
*b* GS Versoek, Versoeking.
3*a* L&V 81:4–5; 108:7.
4*a* JS—G 1:4.
6*a* Matt. 10:38; 3 Ne. 12:30.
*b* L&V 20:47, 51.
*c* GS Gebed.
7*a* GS Doop—Noodsaaklik.

*Die volgende drie openbarings is op hierdie tydstip gegee om hulle te versterk, te bemoedig en te onderrig.*

*1–9, Joseph Smith word geroep om skrifture te vertaal, te preek, en uit te lê; 10–12, Oliver Cowdery word geroep om die evangelie te preek; 13–19, Die wet word geopenbaar met betrekking tot wonderwerke, vervloekings, afskud van stof van mense se voete en om te reis sonder beurs of reissak.*

KYK, jy is geroep en gekies om die Boek van Mormon te skryf, en tot my bediening; en Ek het jou opgehef uit jou verdrukkings, en het jou raad gegee, sodat jy verlos is van al jou vyande, en jy is verlos van die magte van Satan en van die duisternis!

2 Nietemin, jy is nie sonder verontskuldiging in jou [a]oortredings nie; nietemin, gaan heen en sondig nie meer nie.

3 [a]Verheerlik jou amp; en nadat jy jou landerye gesaai en hulle beveilig het, gaan spoediglik na die kerk wat in [b]Colesville, Fayette, en Manchester is, en hulle sal jou [c]onderhou, en Ek sal hulle seën beide geestelik en stoflik;

4 Maar as hulle jou nie ontvang nie, sal Ek oor hulle ʼn vervloeking stuur in plaas van ʼn seëning.

5 En jy sal voortgaan om God aan te roep in my Naam, en die dinge skryf wat jou gegee sal word deur die [a]Trooster, en alle skrifture uitlê aan die kerk.

6 En dit sal jou op daardie oomblik gegee word wat jy moet [a]spreek en skryf, en hulle sal dit hoor, of Ek sal aan hulle ʼn vervloeking stuur in plaas van ʼn seëning.

7 Want jy sal al jou [a]diens wy aan Sion; en hierin sal jy krag hê.

8 Wees [a]geduldig in [b]verdrukkings, want jy sal vele hê; maar [c]verduur hulle, want, sien, Ek is met jou, tot aan die [d]einde van jou dae.

9 En in stoflike arbeid sal jy nie krag hê nie, want dit is nie jou roeping nie. Gee aandag aan jou [a]roeping en jy sal dít ontvang wat jy nodig sal hê om jou amp te verheerlik, en om alle skrifte uit te lê, en hou aan met die oplegging van hande en die bevestiging van die kerke.

10 En jou broer Oliver sal voortgaan om my Naam uit te dra voor die wêreld, en ook aan die kerk. En hy moet nie veronderstel dat hy genoeg kan sê oor my saak nie; en sien, Ek is met hom tot die einde.

11 In My sal hy heerlikheid hê, en nie in homself nie, hetsy in

**24** 2*a* L&V 1:31–32.
3*a* Jakob 1:19; 2:2.
*b* L&V 26:1; 37:2.
*c* L&V 70:12.
5*a* GS Trooster.
6*a* Ex. 4:12; Matt. 10:19–20; Lk. 12:11–12; Hel. 5:18–19; L&V 84:85; 100:5–8; Moses 6:32.
7*a* GS Diens.
8*a* GS Geduld.
*b* GS Teenstand.
*c* GS Volhard.
*d* Matt. 28:20.
9*a* GS Rentmeester, Rentmeesterskap.

swakheid of krag, hetsy in bande
of vry;
12 En ten alle tye, en in alle
plekke, sal hy sy mond open en
my evangelie [a]verkondig soos
met die stem van ʼn [b]trompet,
beide dag en nag. En Ek sal aan
hom krag gee soos dit nie onder
mense bekend is nie.
13 Vra nie vir [a]wonderwerke
nie, tensy Ek julle sal [b]gebied, behalwe
die [c]uitwerping van [d]duiwels,
[e]genesing van die siekes en
teen [f]giftige slange, en teen dodelike
giwwe;
14 En [a]hierdie dinge sal julle nie
doen nie, tensy dit van julle verlang
word deur hulle wat dit begeer,
sodat die skrifture vervul
mag word; want julle sal doen
volgens dit wat geskryf is.
15 En watter plek julle ook al sal
[a]binnegaan, en hulle ontvang julle
nie in my Naam nie, sal julle ʼn
vervloeking laat in plaas van ʼn
seëning, deur die [b]stof van julle
voete af te skud teen hulle as ʼn
getuienis, en julle voete reinig
langs die pad.
16 En dit sal gebeur dat wie ook
al hulle hande op julle sal lê met
geweld, sal julle hulle gebied om
geslaan te word in my Naam; en,
kyk, Ek sal hulle slaan volgens
julle woorde, in my eie bepaalde
tyd.
17 En wie ook al jou na die gereg
sal neem, sal deur die gereg
vervloek word.
18 En jy sal geen [a]beurs of reissak,
nóg stawwe, nóg twee kledingstukke,
saamneem, want die
kerk sal aan jou gee wat jy benodig
op die presiese uur vir voedsel
en vir kleding, en vir skoene
en vir geld, en vir reissak.
19 Want jy is geroepe om my
wingerd te [a]snoei met ʼn magtige
snoeiing, ja, waarlik vir die laaste
keer; ja, en ook al diegene wat jy
[b]geordineer het, en hulle sal alles
doen volgens hierdie wyse.
Amen.

# AFDELING 25

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Harmony, Pennsilvanië, Julie 1830 (sien die opskrif van afdeling 24). Hierdie openbaring maak die wil van die Here bekend aan Emma Smith, die Profeet se vrou.*

12*a* GS Preek.
*b* L&V 34:6.
13*a* GS Teken; Wonderwerk.
*b* 1 Ne. 17:50.
*c* Mark. 16:17.
*d* GS Gees—Bose geeste.
*e* GS Genees, Genesings.
*f* Hand. 28:3–9; L&V 84:71–72; 124:98–99.
14*a* GS Salwing van die Siekes.
15*a* Matt. 10:11–15.
*b* Mark. 6:11; Lk. 10:11; L&V 60:15; 75:19–22; 99:4–5.
18*a* Matt. 10:9–10; Lk. 10:4; L&V 84:78–79.
19*a* Jakob 5:61–74; L&V 39:17; 71:4.
*b* GS Ordineer, Ordinering.

*1–6, Emma Smith, ʼn uitverkore dame, word geroep om haar man by te staan en te troos; 7–11, Sy word ook geroep om te skryf, om skrifture uit te lê, en om gesange te versamel; 12–14, Die lied van die regverdiges is ʼn gebed tot die Here; 15–16, Beginsels van gehoorsaamheid in hierdie openbaring is van toepassing op almal.*

SLAAN ag op die stem van die Here jou God, terwyl Ek met jou praat, Emma Smith, my dogter; want voorwaar Ek sê vir jou, al diegene wat my evangelie [a]ontvang is seuns en dogters in my [b]koninkryk.
2 ʼn Openbaring gee Ek aan jou aangaande my wil; en as jy getrou is en [a]wandel in die weë van [b]deugsaamheid voor My, sal Ek jou lewe bewaar, en jy sal ʼn [c]erfenis ontvang in Sion.
3 Kyk, jou [a]sondes is jou vergewe, en jy is ʼn uitverkore dame wat Ek [b]geroep het.
4 Murmureer nie vanweë die dinge wat jy nie gesien het nie, want hulle word weerhou van jou en van die wêreld, wat wysheid in My is in ʼn toekomstige tyd.
5 En die amp van jou roeping sal ʼn [a]troos wees vir my dienskneg Joseph Smith, Jr., jou man, in sy verdrukkings, met vertroostende woorde, in die gees van sagmoedigheid.
6 En jy sal saam met hom gaan wanneer hy gaan, en vir hom ʼn skrywer wees, terwyl daar niemand is om ʼn skrywer vir hom te wees nie, sodat Ek my dienskneg, Oliver Cowdery mag stuur, waarheen Ek wil.
7 En jy sal [a]geordineer word onder sy hand om skrifture uit te lê, en om die kerk te vermaan, ooreenkomstig dit jou gegee sal word deur my Gees.
8 Want hy sal sy [a]hande op jou lê, en jy sal die Heilige Gees ontvang, en jy sal jou tyd wy aan skryf, en om veel te leer.
9 En jy hoef nie te vrees nie, want jou man sal jou ondersteun in die kerk; want sy [a]roeping is tot hulle, sodat alle dinge aan hulle [b]geopenbaar mag word, wat Ek ook al wil, volgens hulle geloof.
10 En voorwaar Ek sê vir jou dat jy die [a]dinge van hierdie [b]wêreld opsy sal sit, en [c]soek na die dinge van ʼn beter.
11 En dit sal aan jou gegee word, ook, om ʼn versameling van gewyde [a]gesange te maak, soos dit jou gegee sal word, wat My

**25** 1*a* Joh. 1:12. GS Seuns en Dogters van God.
*b* GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
2*a* GS Wandel, Wandel met God.
*b* GS Deugsaamheid.
*c* L&V 52:42; 64:30; 101:18. GS Sion.
3*a* Matt. 9:2.
*b* GS Roep, Geroepe van God, Roeping.
5*a* GS Medelye.
7*a* OF afsonder. GS Afsonder.
8*a* GS Hande, Oplegging van.
9*a* GS Profeet; Roep, Geroepe van God, Roeping.
*b* GS Openbaring; Profesie, Profeteer.
10*a* GS Begeer; Rykdom.
*b* GS Wêreldsheid.
*c* Ether 12:4.
11*a* GS Gesang.

behaag, om gebruik te word in my kerk.

12 Want my siel verheug hom in die [a]lied van die [b]hart; ja, die lied van die regverdiges is ʼn gebed tot My, en dit sal beantwoord word met ʼn seëning op hulle hoofde.

13 Daarom, hef op jou hart en verbly jou, en kleef aan die verbonde wat jy gesluit het.

14 Gaan voort in die gees van [a]sagmoedigheid, en waak teen [b]hoogmoed. Laat jou siel hom verheug in jou man, en die heerlikheid wat oor hom sal kom.

15 Onderhou my gebooie voortdurend, en jy sal ʼn [a]kroon van [b]regverdigheid ontvang. En tensy jy dit doen, waar Ek is, kan jy [c]nie kom nie.

16 En voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, dat dit my [a]stem is tot almal. Amen.

## AFDELING 26

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet, Oliver Cowdery, en John Whitmer, te Harmony, Pennsilvanië, Julie 1830 (sien die opskrif van afdeling 24).*

*1, Hulle word opdrag gegee om die skrifture te bestudeer en om te preek; 2, Die wet van algemene instemming word bevestig.*

KYK, Ek sê vir julle dat julle jul tyd sal toewy aan die [a]studie van die skrifture, en aan prediking, en aan die bevestiging van die kerk te [b]Colesville, en aan die uitvoering van julle arbeid op die lande, soos dit nodig is, tot nadat julle na die weste sal gaan om die volgende konferensie te hou; en dan sal dit aan julle bekendgemaak word wat julle sal doen.

2 Want alle dinge sal gedoen word deur [a]algemene instemming in die kerk, deur veel gebed en geloof, want alle dinge sal julle deur geloof ontvang. Amen.

## AFDELING 27

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet, te Harmony,*

12*a* 1 Kron. 16:9. GS Sing.
*b* GS Hart.
14*a* GS Sagmoedig, Sagmoedigheid.
*b* GS Hoogmoed.
15*a* GS Kroon; Verheffing.
*b* GS Regverdigheid, Regverdig.
*c* Joh. 7:34.
16*a* L&V 1:38.
**26** 1*a* GS Skrifture—Waarde van die skrifture.
*b* L&V 24:3; 37:2.
2*a* 1 Sam. 8:7; Mosia 29:26. GS Algemene Instemming.

*Pennsilvanië, Augustus 1830. Ter voorbereiding van 'n godsdienstige byeenkoms waartydens die nagmaal van brood en wyn bedien sou word, het Joseph wyn gaan verkry. Hy is deur 'n hemelse boodskapper ontmoet en het hierdie openbaring ontvang, 'n gedeelte waarvan geskryf is op daardie tydstip, en die res die daaropvolgende September. Water word nou gebruik in plaas van wyn in die nagmaaldienste van die Kerk.*

*1–4, Die embleme wat gebruik moet word wanneer van die nagmaal gebruik word, word uiteengesit; 5–14, Christus en sy diensknegte van alle tydvakke moet van die nagmaal gebruik; 15–18, Trek die volle wapenrusting van God aan.*

Luister na die stem van Jesus Christus, julle Here, julle God, en julle Verlosser, wie se woord [a]lewend en kragtig is.
2 Want, kyk, Ek sê vir julle, dat dit nie saak maak wat julle sal eet of wat julle sal drink wanneer julle van die [a]nagmaal gebruik nie, solank julle dit doen met 'n oog enkel gerig op my [b]heerlikheid—en onthou voor die Vader my liggaam wat neergelê is vir julle, en my [c]bloed wat gestort is vir die [d]vergifnis van julle sondes.
3 Daarom gee Ek 'n gebod aan julle, dat julle nóg wyn nóg sterk drank sal koop van julle vyande.
4 Daarom, julle sal niks gebruik tensy dit vars gemaak is onder julle nie; ja in hierdie my Vader se koninkryk wat opgebou sal word op die aarde.
5 Kyk, dit is wysheid in My; daarom, verwonder nie, want die uur kom dat Ek sal [a]drink van die vrug van die wingerdstok met julle op die aarde, en met [b]Moroni, wat Ek aan jou gestuur het om die Boek van Mormon te openbaar, bevattende die volheid van my ewigdurende evangelie, aan wie Ek die sleutels van die kroniek van die [c]stok van Efraim toevertrou het.
6 En ook met [a]Elías, aan wie Ek die sleutels toevertrou het om die herstelling te weeg te bring van alle dinge wat gespreek is deur die mond van al die heilige profete sedert die wêreld begin het, aangaande die laaste dae;
7 En ook Johannes die seun van Sagaría, welke Sagaría hy ([a]Elías) besoek het en belowe het dat hy 'n seun sou hê, en sy naam moes [b]Johannes wees, en hy sou vervul wees met die gees van Elías;
8 Welke Johannes Ek aan julle gestuur het, my diensknegte,

**27** 1*a* Hel. 3:29; L&V 6:2.
2*a* GS Nagmaal.
*b* GS Heerlikheid.
*c* GS Bloed.
*d* GS Vergifnis van Sondes.
5*a* Matt. 26:29; Mark. 14:25; Lk. 22:18.
*b* JS—G 1:30–34.
*c* Eség. 37:16. GS Efraim—Die stok van Efraim of Josef.
6*a* GS Elías.
7*a* Lk. 1:17–19.
*b* Lk. 1:13; L&V 84:27–28.

Joseph Smith. Jr., en Oliver Cowdery, om julle te ordineer tot die eerste [a]priesterskap wat julle ontvang het, sodat julle geroep en [b]geordineer mag word net soos [c]Aäron;
9 En ook [a]Elía, aan wie Ek die sleutels toevertrou het van die mag om die harte van die vaders tot die kinders te [b]keer, en die harte van die kinders tot die vaders, sodat die hele aarde nie getref mag word met ’n vloek nie.
10 En ook met Josef en Jakob, en Isak, en Abraham, julle vaders, deur wie die [a]beloftes voortduur;
11 En ook met Mígael, of [a]Adam, die vader van almal, die prins van almal, die oue van dae;
12 En ook met Petrus, en Jakobus, en Johannes, wat Ek na julle gestuur het, deur wie Ek julle [a]geordineer het en julle bevestig het om [b]apostels te wees, en spesiale [c]getuies van my Naam, en om die sleutels van julle bediening te dra en van dieselfde dinge wat Ek aan hulle geopenbaar het.
13 Aan wie Ek die [a]sleutels van my koninkryk [b]toevertrou het, en ’n [c]tydvak van die [d]evangelie vir die [e]laaste tye; en vir die [f]volheid van tye, waarin Ek alle dinge sal versamel in [g]een, beide wat in die hemel is, en wat op die aarde is;
14 En ook met al diegene wat my Vader My [a]gegee het uit die wêreld.
15 Daarom, hef op julle harte en verbly julle, en omgord julle lendene, en neem op julle my volle [a]wapenrusting, sodat julle die bose dag kan weerstaan, nadat julle alles gedoen het, sodat julle [b]staande mag bly.
16 Staan, derhalwe, met julle lendene [a]omgord met die [b]waarheid, met die [c]borsplaat van [d]regverdigheid aan, en julle voete geskoei met die voorbereiding van die evangelie van [e]vrede, wat Ek my [f]engele gestuur het om aan julle toe te vertrou.
17 En neem die skild van geloof waarmee julle al die [a]vurige pyle van die bose sal kan blus;
18 En neem die helm van heil, en die swaard van my Gees, wat Ek sal uitstort oor julle, en my woord wat Ek aan julle openbaar, en

8 *a* L&V 13. GS Aäroniese Priesterskap.
*b* GS Ordineer, Ordinering.
*c* Ex. 28:1–3, 41; L&V 107:13.
9 *a* 1 Kon. 17:1–22; 2 Kon. 1–2; L&V 2; 110:13–16; JS—G 1:38–39. GS Elía.
*b* GS Geslagsregister.
10 *a* GS Abraham, Verbond van.
11 *a* GS Adam.
12 *a* JS—G 1:72. GS Melgisédekse Priesterskap.
*b* GS Apostel.
*c* Hand. 1:8.
13 *a* GS Sleutels van die Priesterskap.
*b* Matt. 16:19.
*c* GS Tydvak.
*d* GS Evangelie.
*e* Jakob 5:71; L&V 43:28–30.
*f* Efés. 1:9–10; L&V 112:30; 124:41.
*g* L&V 84:100.
14 *a* Joh. 6:37; 17:9, 11; 3 Ne. 15:24; L&V 50:41–42; 84:63.
15 *a* Rom. 13:12; Efés. 6:11–18.
*b* Mal. 3:2; L&V 87:8.
16 *a* Jes. 11:5.
*b* GS Waarheid.
*c* Jes. 59:17.
*d* GS Regverdigheid, Regverdig.
*e* 2 Ne. 19:6.
*f* L&V 128:19–21.
17 *a* 1 Ne. 15:24; L&V 3:8.

wees verenig rakende alle dinge wat julle ook al van my vra, en wees getrou totdat Ek kom, en julle sal [a]opgeneem word, sodat waar Ek is julle [b]ook sal wees. Amen.

# AFDELING 28

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan Oliver Cowdery, te Fayette, New York, September 1830. Hiram Page, 'n lid van die Kerk, het 'n sekere klip gehad en voorgegee om openbarings deur middel daarvan te ontvang aangaande die opbou van Sion en die orde van die Kerk. Verskeie lede was bedrieg deur hierdie bewerings, en selfs Oliver Cowdery is verkeerdelik daardeur beïnvloed. Net voor 'n voorafgereëlde konferensie, het die Profeet ernstig navraag gedoen by die Here aangaande die saak, en hierdie openbaring het gevolg.*

*1–7, Joseph Smith hou die sleutels van die verborgenhede, en slegs hy ontvang openbarings vir die Kerk; 8–10, Oliver Cowdery moet vir die Lamaniete preek; 11–16, Satan het Hiram Page bedrieg en hom valse openbarings gegee.*

Kyk, Ek sê vir jou, [a]Oliver, dat dit aan jou gegee sal word dat jy gehoor sal word deur die kerk in alle dinge wat jy hulle ook al sal [b]leer deur die [c]Trooster, aangaande die openbarings en gebooie wat Ek gegee het.

2 Maar, kyk, voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, [a]niemand sal aangestel word om gebooie en openbarings te ontvang in hierdie kerk nie behalwe my dienskneg [b]Joseph Smith, Jr., want hy ontvang hulle net soos Moses.

3 En jy moet gehoorsaam wees aan die dinge wat Ek aan hom sal gee, net soos [a]Aäron, om getrou die gebooie en die openbarings, met krag en [b]gesag aan die kerk te verkondig.

4 En as jy gelei word op enige tydstip deur die Trooster om te [a]spreek of te leer, of te alle tye deur middel van gebooie aan die kerk, mag jy dit doen.

5 Maar jy sal nie skryf by wyse van gebod nie, maar deur wysheid;

6 En jy sal hom nie gebied wat aan jou hoof is, en aan die hoof van die kerk nie;

7 Want Ek het hom die [a]sleutels gegee van die [b]verborgenhede,

18 *a* 1 Ne. 13:37; L&V 17:8.
*b* Joh. 14:3.
**28** 1 *a* L&V 20:3.
*b* GS Onderrig, Onderwyser—Onderrig met die Gees.
*c* GS Trooster.
2 *a* L&V 35:17–18; 43:4.
*b* 2 Ne. 3:14–20. GS Smith, Joseph, Jr.
3 *a* GS Aäron, Broer van Moses.
*b* GS Gesag.
4 *a* Ex. 4:12–16; L&V 24:5–6.
7 *a* L&V 64:5; 84:19.
*b* GS Verborgenhede van God.

en die openbarings wat verseël
is, totdat Ek vir hulle iemand an-
ders aanstel in sy plek.
8 En nou, kyk, Ek sê vir jou dat
jy na die [a]Lamaniete sal gaan en
my [b]evangelie predik aan hulle;
en in soverre hulle jou leringe
ontvang, sal jy my kerk laat vestig
onder hulle; en jy sal openbarings
hê, maar moet hulle nie skryf by
wyse van gebod nie.
9 En nou, kyk, Ek sê vir jou dat
dit nie geopenbaar is nie, en geen
mens weet waar die [a]stad [b]Sion
gebou sal word nie, maar dit sal
hierna gegee word. Kyk, Ek sê vir
jou dat dit sal wees op die grense
by die Lamaniete.
10 Jy sal nie hierdie plek ver-
laat tot na die konferensie nie; en
my dienskneg Joseph sal aange-
stel word om te presideer oor die
konferensie deur die stem daar-
van, en wat hy vir jou sê, sal jy
bekendmaak.
11 En weer, jy sal jou broer,
Hiram Page neem, [a]tussen jou
en hom alleen, en aan hom be-
kendmaak dat daardie dinge wat
hy geskryf het deur middel van
daardie klip nie van My is nie en
dat [b]Satan hom [c]bedrieg het.
12 Want, kyk, hierdie dinge is
nie aan hom toegewys nie, nóg sal
enigiets aan enigeen van hierdie
kerk toegewys word teenstrydig
met die kerkverbonde.
13 Want alle dinge moet ordelik
gedoen word, en deur [a]algemene
instemming in die kerk, deur die
gebed van geloof.
14 En jy sal help om al hierdie
dinge op te los, ooreenkomstig
die verbonde van die kerk, voor-
dat jy jou reis onder die Lama-
niete onderneem.
15 En dit sal aan jou [a]gegee word
vanaf die tyd wat jy sal vertrek,
tot die tyd wat jy sal terugkeer,
wat jy moet doen.
16 En jy moet jou mond open ten
alle tye, en my evangelie verkon-
dig met die klank van vreugde.
Amen.

## AFDELING 29

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, in die teenwoordigheid van ses ouderlinge, te Fayette, New York, September 1830. Hierdie openbaring is gegee ’n paar dae voor die konferensie, beginnende 26 September 1830.*

*1–8, Christus versamel sy uitverkorenes; 9–11, Sy koms lui die Millennium in; 12–13, Die Twaalf sal die hele Israel oordeel; 14–21, Tekens, plae, en verwoestings sal die Tweede Koms voorafgaan; 22–28,*

8*a* 2 Ne. 3:18–22; L&V 30:5–6; 32:1–3.
*b* L&V 3:19–20.
9*a* L&V 57:1–3.
*b* L&V 52:42–43. GS Sion.
11*a* Matt. 18:15.
*b* Openb. 20:10.
*c* L&V 43:5–7.
13*a* GS Algemene Instemming.
15*a* 2 Ne. 32:3, 5.

*Die laaste opstanding en finale oordeel volg die Millennium; 29–35, Alle dinge is geestelik vir die Here; 36–39, Die duiwel en sy leërskare is uit die hemel gewerp om die mens te versoek; 40–45, Die Val en die Versoening bring heil; 46–50, Klein kindertjies word verlos deur die Versoening.*

LUISTER na die stem van Jesus Christus, julle Verlosser, die Groot [a]EK IS, wie se arm van [b]barmhartigheid [c]versoening gedoen het vir julle sondes;
2 Wat sy volk sal [a]bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens bymekaarmaak onder haar vlerke, en wel soveel as wat sal ag slaan op my stem en hulle [b]verootmoedig voor My, en My aanroep in kragtige gebed.
3 Kyk, voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, dat op hierdie tydstip is julle sondes julle [a]vergewe, daarom ontvang julle hierdie dinge, maar onthou om nie meer te sondig nie, sodat gevare nie oor julle kom nie.
4 Voorwaar, Ek sê vir julle dat julle gekies is uit die wêreld om my evangelie te verkondig met die klank van vreugde, soos met die [a]stem van 'n trompet.
5 Hef op julle harte en wees bly, want Ek is in julle [a]midde, en is julle [b]Voorspraak by die Vader; en dit is sy goeie wil om aan julle die [c]koninkryk te gee.
6 En, soos dit geskryf is—Wat ook al julle sal [a]vra in [b]geloof, [c]verenig in gebed ooreenkomstig my gebod, sal julle ontvang.
7 En julle word geroep om die [a]versameling van my [b]uitverkorenes te weeg te bring; want my uitverkorenes [c]hoor my stem en verhard nie hulle [d]harte nie.
8 Nou, die bevel het uitgegaan van die Vader dat hulle [a]versamel sal word in een plek op die aangesig van hierdie land, om hulle harte voor te [b]berei en voorbereid te wees in alle dinge vir die dag wanneer [c]beproewing en verwoesting uitgestuur word op die bose.
9 Want die uur is naby en die dag is binnekort op hande wanneer die aarde ryp is en al die [a]hoogmoediges en diegene wat boosheid pleeg soos [b]stoppels sal

**29** 1*a* GS EK IS.
*b* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
*c* GS Versoen, Versoening.
2*a* Matt. 23:37; 3 Ne. 10:4–6.
*b* GS Nederig, Nederigheid.
3*a* GS Vergewe.
4*a* Alma 29:1–2; L&V 19:37; 30:9.
5*a* Matt. 18:20; L&V 6:32; 38:7; 88:62–63.
*b* GS Voorspraak.
*c* GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
6*a* Matt. 21:22; Joh. 14:13.
*b* Mark. 11:24.
*c* 3 Ne. 27:1–2; L&V 84:1.
7*a* GS Israel—Die versameling van Israel.
*b* Mark. 13:20; L&V 84:34. GS Uitverkore.
*c* Alma 5:37–41.
*d* GS Hart.
8*a* L&V 45:64–66; 57:1.
*b* L&V 58:6–9; 78:7.
*c* L&V 5:19; 43:17–27.
9*a* 2 Ne. 20:33; 3 Ne. 25:1. GS Hoogmoed.
*b* Nah. 1:10; Mal. 4:1; 1 Ne. 22:15, 23; JS—G 1:37.

wees; en Ek sal hulle [c]verbrand, sê die Here van die Leërskare, sodat boosheid nie op die aarde sal wees nie;
10 Want die uur is naby, en dit wat [a]gespreek is deur my apostels moet vervul word; want net soos hulle gespreek het, sal dit gebeur;
11 Want Ek sal Myself openbaar van die hemel met krag en groot heerlikheid, met al die [a]leërskare daarvan, en in [b]regverdigheid woon met die mens op aarde 'n [c]duisend jaar, en die bose sal nie staande bly nie.
12 En verder, voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, en dit het uitgegaan as 'n vaste bevel, deur die wil van die Vader, dat my [a]Apostels, die Twaalf wat saam met my was in my bediening in Jerusalem, sal staan aan my regterhand op die dag van my koms in 'n kolom van [b]vuur, geklee in gewade van regverdigheid, met krone op hulle hoofde, in [c]heerlikheid net soos Ek is, om die hele huis van Israel te [d]oordeel, en wel soveel as wat My liefgehad het en my gebooie onderhou het, en niemand anders nie.
13 Want 'n [a]trompet sal blaas beide lank en luid, net soos op Berg Sinai, en die hele aarde sal bewe, en hulle sal [b]uitkom—ja, en wel die [c]dode wat in My gesterf het, om 'n [d]kroon van geregtigheid te ontvang, en om geklee te word, [e]net soos Ek is, om met My te wees, sodat ons een mag wees.
14 Maar, kyk, Ek sê vir julle dat voor hierdie groot [a]dag sal kom, sal die [b]son verduister word, en die maan sal in bloed verander word, en die sterre sal val uit die hemel, en daar sal groter [c]tekens wees in die hemel daarbo en in die aarde benede;
15 En daar sal 'n gehuil en [a]geween wees onder die leërskare van mense;
16 En daar sal 'n groot [a]haelstorm uitgestuur word om die oeste van die aarde te vernietig.
17 En dit sal gebeur, vanweë die boosheid van die wêreld, dat Ek [a]wraak sal neem op die [b]bose, want hulle wil nie bekeer nie; want die beker van my toorn is

9 *c* L&V 45:57; 63:34, 54; 64:24; 88:94; 101:23–25; 133:64. GS Aarde—Reiniging van die aarde.
10 *a* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
11 *a* JS—M 1:37.
*b* GS Regverdigheid, Regverdig.
*c* GS Jesus Christus—Christus se heerskappy in die Millennium; Millennium.
12 *a* GS Apostel.
*b* Jes. 66:15–16; L&V 130:7; 133:41.
*c* GS Heerlikheid; Jesus Christus—Heerlikheid van Jesus Christus.
*d* Matt. 19:28; Lk. 22:30; 1 Ne. 12:9; Morm. 3:18–19.
13 *a* L&V 43:18; 45:45.
*b* L&V 76:50.
*c* L&V 88:97; 133:56.
*d* GS Kroon; Verheffing.
*e* L&V 76:94–95; 84:35–39.
14 *a* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
*b* Joël 2:10; JS—M 1:33.
*c* GS Tekens van die Tye.
15 *a* Matt. 13:42.
16 *a* Eség. 38:22; Openb. 11:19; 16:21.
17 *a* Openb. 16:7–11; 2 Ne. 30:10; JS—M 1:53–55. GS Wraak.
*b* GS Boos, Boosheid.

vol; want kyk, my [c]bloed sal hulle nie reinig as hulle My nie hoor nie.

18 Daarom, Ek die Here God sal vlieë uitstuur op die aangesig van die aarde, wat die inwoners daarvan sal aanval, en sal hulle vlees eet, en sal maaiers daarin laat ontstaan;

19 En hulle tonge sal gebind word sodat hulle nie kan [a]uiter teen My nie, en hulle vlees sal van hulle beendere afval, en hulle oë van hul oogkaste;

20 En dit sal gebeur dat die [a]diere van die woud en die voëls van die lug hulle sal opvreet.

21 En die groot en [a]gruwelike kerk wat die [b]hoer van die hele aarde is, sal vernietig word deur ’n [c]verterende vuur, ooreenkomstig soos dit gespreek is deur die mond van Eségiël die profeet wat gespreek het van hierdie dinge, wat nog nie plaasgevind het nie maar sekerlik [d]moet, soos Ek leef, want gruwels sal nie heers nie.

22 En weer, voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle dat wanneer die [a]duisend jaar geëindig het, en mense weer begin om hulle God te verloën, dan sal Ek die aarde spaar vir ’n [b]kort tydjie.

23 En die [a]einde sal kom, en die hemel en die aarde sal verteer word en [b]verbygaan, en daar sal ’n nuwe hemel en ’n [c]nuwe aarde wees.

24 Want alle ou dinge sal [a]verbygaan, en alle dinge sal nuut word, selfs die hemel en die aarde, en al die volheid daarvan, beide mense en diere, die voëls van die lug, en die visse van die see;

25 En nie een [a]haar, nóg ’n stofdeeltjie, sal verlore gaan nie, want dit is die werk van my hand.

26 Maar, kyk, voorwaar Ek sê vir julle, voor die aarde sal verbygaan, sal [a]Mígael, my [b]aartsengel, sy [c]trompet blaas, en dan sal al die dode [d]ontwaak, want hulle grafte sal geopen word, en hulle sal [e]uitkom—ja, en wel almal.

27 En die [a]regverdiges sal versamel word aan my [b]regterhand tot die ewige lewe; en die bose aan my linkerhand sal Ek skaam wees om te eien voor die Vader.

28 Daarom sal Ek vir hulle sê—[a]Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewigdurende

17 *c* 1 Joh. 1:7; Alma 11:40–41; L&V 19:16–18.
19 *a* Sag. 14:12.
20 *a* Jes. 18:6; Eség. 39:17; Openb. 19:17–18.
21 *a* GS Duiwel—Die kerk van die duiwel.
*b* Openb. 19:2.
*c* Joël 1:19–20; 2:3; L&V 97:25–26. GS Aarde—Reiniging van die aarde.
*d* L&V 1:38.
22 *a* GS Millennium.
*b* Openb. 20:3; L&V 43:30–31; 88:110–111.
23 *a* Matt. 24:14. GS Wêreld—Einde van die wêreld.
*b* Matt. 24:35; JS—M 1:35.
*c* GS Aarde—Finale toestand van die aarde.
24 *a* Openb. 21:1–4.
25 *a* Alma 40:23.
26 *a* GS Adam; Mígael.
*b* GS Aartsengel.
*c* 1 Kor. 15:52–55.
*d* GS Onsterflik, Onsterflikheid; Opstanding.
*e* Joh. 5:28–29.
27 *a* GS Regverdigheid, Regverdig.
*b* Matt. 25:33. GS Oordeel, Die Laaste.
28 *a* Matt. 25:41; L&V 29:41.

[b]vuur, voorberei vir die [c]duiwel en sy engele.

29 En nou, kyk, Ek sê vir julle, nooit te enige tyd het Ek uit my eie mond verklaar dat hulle sal terugkeer nie, want [a]waar Ek is, kan hulle nie kom nie, want hulle het geen krag nie.

30 Maar onthou dat al my oordele nie aan mense gegee word nie; en soos die woorde uitgegaan het uit my mond net so sal hulle vervul word, dat die [a]eerste laaste sal wees en dat die laaste eerste sal wees in alle dinge wat Ek ook al geskape het deur die woord van my krag, wat die krag is van my Gees.

31 Want deur die krag van my Gees het Ek hulle [a]geskape; ja alle dinge beide [b]geestelik en stoflik—

32 Eerstens [a]geestelik, tweedens stoflik, wat die begin is van my werk; en verder, eerstens stoflik, en tweedens geestelik, wat die laaste van my werk is—

33 Sprekend tot julle dat julle van nature mag verstaan; maar vir My het my werke geen [a]einde nie, nóg begin; maar dit word aan julle gegee dat julle mag verstaan, want julle het dit van My gevra en julle is verenig.

34 Daarom, voorwaar Ek sê vir julle dat alle dinge vir my geestelik is, en op geen tydstip het Ek aan julle ′n wet gegee wat stoflik is nie; nóg enige mens, nóg die kinders van mense; nóg Adam, jul vader, wat Ek geskape het.

35 Kyk, Ek het aan hom gegee om vir homself te [a]kies; en het aan hom ′n gebod gegee, maar geen stoflike gebod het Ek aan hom gegee nie, want my [b]gebooie is geestelik; hulle is nie natuurlik nóg stoflik; nóg vleeslik nóg wellustig.

36 En dit het gebeur dat Adam, versoek deur die [a]duiwel—want, kyk, die duiwel was voor Adam, want hy het [b]gerebelleer teen My, en gesê, Gee my u [c]eer, wat my [d]krag is; en ook ′n [e]derde deel van die [f]leërskare van die hemel het hy weggedraai van my vanweë hul [g]handelingsmag;

37 En hulle is neergewerp, en aldus het die [a]duiwel en sy [b]engele ontstaan;

38 En, kyk, daar is ′n plek berei vir hulle vanaf die begin, welke plek die [a]hel is.

39 En dit moet noodwendig wees dat die duiwel die kinders van mense sal [a]versoek, anders

28 *b* L&V 43:33.
*c* GS Duiwel.
29 *a* Joh. 7:34; L&V 76:112.
30 *a* Matt. 19:30; 1 Ne. 13:42.
31 *a* GS Skep, Skepping.
*b* Moses 3:4–5.
32 *a* GS Geesteskepping.
33 *a* Ps. 111:7–8; Moses 1:4.
35 *a* GS Handelingsmag.
*b* GS Gebooie van God.
36 *a* L&V 76:25–26; Moses 4:1–4.
*b* GS Raadsvergadering in die Hemel.
*c* GS Eer.
*d* Jes. 14:12–14; L&V 76:28–29.
*e* Openb. 12:3–4.
*f* L&V 38:1; 45:1. GS Vooraardse Lewe.
*g* GS Handelingsmag.
37 *a* GS Duiwel.
*b* 2 Petr. 2:4; Judas 1:6; Moses 7:26. GS Engele.
38 *a* GS Hel.
39 *a* Moses 4:3–4. GS Versoek, Versoeking.

kon hulle nie hul vrye wil hê nie;
want as hulle nooit die [b]bittere gehad het nie kon hulle nooit die soete ken nie—
40 Daarom, dit het gebeur dat
die duiwel Adam versoek het, en hy het geëet van die verbode [a]vrug en die gebod oortree, waardeur hy [b]onderworpe geword het aan die wil van die duiwel, omdat hy toegegee het aan versoeking.
41 Daarom, Ek, die Here God,
het hom laat [a]uitwerp uit die Tuin van [b]Eden, van my teenwoordigheid, vanweë sy oortreding, waardeur hy [c]geestelik dood geword het, wat die eerste dood is, en wel daardie selfde dood wat die laaste [d]dood is wat geestelik is, wat uitgespreek sal word oor die bose wanneer Ek sal sê: Gaan weg, julle [e]vervloektes.
42 Maar, kyk, Ek sê vir julle dat
Ek, die Here God, aan Adam en sy saad gegun het dat hulle nie die tydelike dood sou [a]sterwe nie, totdat Ek, die Here God [b]engele sou uitstuur om aan hulle [c]bekering en [d]verlossing te verkondig, deur geloof in die Naam van my [e]Eniggebore Seun.
43 En so het Ek, die Here God,
die dae van die mens se [a]proeftyd bepaal—sodat deur sy natuurlike dood hy [b]opgewek mag word in [c]onsterflikheid tot die [d]ewige lewe, en wel soveel as wat sou glo.
44 En hulle wat nie glo nie, tot
ewige [a]verdoemenis; want hulle kan nie verlos word van hulle geestelike val nie, omdat hulle nie bekeer nie;
45 Want hulle het die duisternis
lief eerder as lig, en hulle [a]dade is boos, en hulle ontvang hulle [b]loon van hom wat hulle kies om te gehoorsaam.
46 Maar kyk, Ek sê vir julle, dat
klein [a]kindertjies [b]verlos is vanaf die grondlegging van die wêreld deur my Eniggeborene;
47 Daarom, hulle kan nie son-
dig nie, want mag is nie aan Satan gegee om klein kindertjies te [a]versoek nie, tot hulle begin om [b]toerekenbaar te word voor My;
48 Want dit word aan hulle ge-
gee soos Ek wil, volgens my eie welbehae, sodat groot dinge vereis mag word van die hand van hulle [a]vaders.

---

39 *b* Moses 6:55.
40 *a* Gén. 3:6; Moses 4:7–13.
*b* 2 Ne. 10:24; Mosia 16:3–5; Alma 5:41–42.
41 *a* GS Val van Adam en Eva.
*b* GS Eden.
*c* GS Dood, Geestelike.
*d* Alma 40:26.
*e* L&V 29:27–28; 76:31–39.
42 *a* 2 Ne. 2:21. GS Dood, Fisiese.
*b* Alma 12:28–30.
*c* GS Bekeer, Bekering.
*d* GS Verlos, Verlossing.
*e* Moses 5:6–8.
43 *a* Alma 12:24; 42:10.
*b* GS Opstanding.
*c* Moses 1:39. GS Onsterflik, Onsterflikheid.
*d* GS Ewige Lewe.
44 *a* L&V 19:7–12. GS Verdoemenis.
45 *a* Joh. 3:18–20; L&V 93:31–32.
*b* Mosia 2:32–33; Alma 3:26–27; 5:41–42; 30:60.
46 *a* Moro. 8:8, 12; L&V 93:38. GS Kind, Kinders.
*b* L&V 74:7. GS Verlos, Verlossing.
47 *a* GS Versoek, Versoeking.
*b* GS Toerekenbaar, Toerekenbaarheid.
48 *a* L&V 68:25.

49 En verder, Ek sê vir julle, dat wie ook al kennis het, het Ek nie gebied om te bekeer nie?
50 En hy wat geen [a]begrip het nie, bly dit in My om te doen ooreenkomstig wat geskryf is. En nou verklaar Ek niks meer aan julle op hierdie tydstip nie. Amen.

# AFDELING 30

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan David Whitmer, Peter Whitmer Jr., en John Whitmer, te Fayette, New York, September 1830, na die driedaagse konferensie te Fayette, maar voor die ouderlinge van die kerk uiteengegaan het. Oorspronklik was hierdie materiaal gepubliseer as drie openbarings; dit is gekombineer in een afdeling deur die Profeet vir die 1835 uitgawe van die Leer en Verbonde.*

*1–4, David Whitmer word getugtig omdat hy nie ywerig gedien het nie; 5–8, Peter Whitmer Jr. moet Oliver Cowdery vergesel op 'n sending aan die Lamaniete; 9–11, John Whitmer word geroep om die evangelie te preek.*

Kyk, Ek sê vir jou, [a]David, dat jy die mense [b]gevrees het en nie op My [c]staatgemaak het vir krag soos jy moes nie.
2 Maar jou verstand was ingestel op die dinge van die [a]aarde meer as op die dinge van my, jou Maker, en die bediening waartoe jy geroep is; en jy het nie ag geslaan op my Gees, en op diegene wat oor jou gestel is nie, maar is oorreed deur diegene wat Ek nie gebied het nie.
3 Daarom, jy is oorgelaat om vir jouself navraag te doen by My, en die dinge wat jy ontvang het te [a]bepeins.
4 En jou tuiste sal wees by jou vader se huis, totdat Ek jou verdere gebooie gee. En jy moet jou toewy aan die [a]bediening in die kerk, en voor die wêreld, en in die streke rondomheen. Amen.
5 Kyk, Ek sê vir jou [a]Peter, dat jy jou [b]reis sal onderneem met jou broer Oliver; want die [c]tyd het gekom dat dit raadsaam is in My dat jy jou mond sal open om my evangelie te verkondig; daarom, vrees nie, maar [d]slaan ag op die woorde en raad van jou broer, wat hy jou sal gee.
6 En jy moet verdruk wees in al sy verdrukkings, en altyd jou hart ophef na My in gebed en geloof, vir sy en jou verlossing; want Ek

50*a* L&V 137:7–10. GS Begrip.
**30** 1*a* GS Whitmer, David.
*b* Hand. 5:29.
*c* 2 Kron. 16:7–9.
2*a* L&V 25:10.
3*a* GS Peins.
4*a* GS Dien; Diens.
5*a* GS Whitmer, Peter, Jr.
*b* L&V 32:1–3.
*c* L&V 11:15.
*d* GS Onderskraging van Kerkleiers; Raad.

het aan hom krag gegee om my
[a]kerk op te bou onder die [b]Lama-
niete.
7 En niemand het Ek aangestel
om raadgewer [a]bo hom te wees in
die kerk nie, aangaande kerklike
sake, behalwe sy broer, Joseph
Smith, Jr.
8 Daarom, slaan ag op hierdie
dinge en wees ywerig om my ge-
booie te onthou, en jy sal geseën
word tot die ewige lewe. Amen.
9 Kyk, Ek sê vir jou, my diens-
kneg John, dat jy van hierdie tyd
af sal begin om my evangelie te
[a]verkondig, soos met die [b]stem
van 'n trompet.
10 En jou arbeid sal wees by jou
broer Philip Burroughs se huis,
en in daardie streek rondom, ja,
waar jy ook al gehoor kan word,
totdat Ek jou gebied om hiervan-
daan te vertrek.
11 En al jou arbeid sal in Sion
wees, met jou hele siel, van nou
af; ja, jy sal altyd jou mond open
aangaande my saak, en nie [a]vrees
wat [b]mense kan doen nie, want Ek
is [c]met jou. Amen.

## AFDELING 31

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan Thomas B. Marsh, September 1830. Die geleentheid was onmiddellik ná 'n konferensie van die Kerk (sien die opskrif van afdeling 30). Thomas B. Marsh is vroeër in die maand gedoop en is geordineer as 'n ouderling in die Kerk voor hierdie openbaring gegee is.*

*1–6, Thomas B. Marsh word geroep om die evangelie te predik en word verseker van sy familie se welstand; 7–13, Hy word aangeraai om geduldig te wees, altyd te bid, en om die Trooster te gehoorsaam.*

[a]THOMAS, my seun, geseënd is jy
vanweë jou geloof in my werk.
2 Kyk, jy het baie verdrukkings
gehad vanweë jou familie; nie-
temin, Ek sal jou seën en jou
familie, ja jou kindertjies; en die
dag kom dat hulle sal glo en die
waarheid ken en een wees met jou
in my kerk.
3 Hef op jou hart en verbly jou,
want die uur van jou sending het
gekom; en jou tong sal losgemaak
word, en jy sal [a]blye tydings van
groot blydskap verkondig aan
hierdie geslag.
4 Jy sal die dinge [a]verkondig wat
geopenbaar is aan my dienskneg

---

6*a* GS Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, Die.
*b* L&V 3:20; 49:24. GS Lamaniete.
7*a* L&V 20:2–3.
9*a* L&V 15:6.
*b* L&V 33:2.
11*a* GS Moed, Moedig; Vrees.
*b* Jes. 51:7.
*c* Matt. 28:19–20.
**31** 1*a* GS Marsh, Thomas B.
3*a* Jes. 52:7; Lk. 2:10–11; Mosia 3:3–5.
4*a* Mosia 18:19; L&V 42:12; 52:36.

Joseph Smith, Jr. Jy sal begin om te preek van nou af, ja om te oes in die veld wat [b]wit is, gereed om verbrand te word.

5 Daarom, [a]steek in jou sekel met jou hele siel, en jou sondes word jou [b]vergewe, en jy sal belaai word met [c]gerwe op jou rug, want die [d]arbeider is sy loon werd. Daarom, jou familie sal lewe.

6 Kyk, voorwaar, Ek sê vir jou, verlaat hulle slegs vir ʼn kort tydjie, en verkondig my woord, en Ek sal ʼn plek vir hulle berei.

7 Ja, Ek sal die harte van die mense [a]open, en hulle sal jou ontvang. En Ek sal ʼn kerk vestig deur jou hand.

8 En jy sal hulle [a]versterk en hulle voorberei vir die tyd wanneer hulle versamel sal word.

9 Wees [a]geduldig in [b]verdrukking, vaar nie uit teen diegene wat uitvaar nie. Beheer jou [c]huis met sagmoedigheid en wees standvastig.

10 Kyk, Ek sê vir jou dat jy ʼn geneesheer sal wees vir die kerk, maar nie vir die wêreld nie, want hulle sal jou nie ontvang nie.

11 Gaan op jou pad waarheen Ek ook al wil, en dit sal jou deur die [a]Trooster gegee word wat jy sal doen en waarheen jy sal gaan.

12 [a]Bid altyd, sodat jy nie in [b]versoeking kom nie en jou loon verbeur nie.

13 Wees [a]getrou tot die einde, en sien, Ek is [b]met jou. Hierdie woorde is nie van ʼn mens of mense nie, maar van My, naamlik Jesus Christus, jou Verlosser, deur die [c]wil van die Vader. Amen.

# AFDELING 32

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan Parley P. Pratt en Ziba Peterson, te Manchester, New York, vroeg Oktober 1830. Groot belangstelling en begeertes is gevoel deur die ouderlinge ten opsigte van die Lamaniete, waarvan hul voorspelde seëninge die Kerk geleer het uit die Boek van Mormon. Met die gevolg dat die Here gesmeek is om sy wil aan te dui of ouderlinge gestuur moes word na die Indiaanse stamme in die Weste op daardie tydstip. Dié openbaring het gevolg.*

*1–3, Parley P. Pratt en Ziba Peterson word geroep om vir die Lamaniete te preek en om Oliver Cowdery en Peter Whitmer Jr. te vergesel;*

4 *b* L&V 4:4–6.
5 *a* Openb. 14:15.
*b* GS Vergewe.
*c* L&V 79:3.
*d* Lk. 10:3–11; L&V 75:24.
7 *a* GS Bekeer, Bekering.
8 *a* L&V 81:5; 108:7.
9 *a* GS Geduld.
*b* GS Teenstand.
*c* GS Gesin—Ouers se verantwoordelikhede.
11 *a* GS Heilige Gees; Trooster.
12 *a* 3 Ne. 18:17–21. GS Gebed.
*b* GS Versoek, Versoeking.
13 *a* GS Volhard.
*b* Matt. 28:20.
*c* GS Jesus Christus—Gesag.

*4–5, Hulle moet bid vir 'n begrip van die skrifture.*

En nou aangaande my dienskneg [a]Parley P. Pratt, kyk Ek sê vir hom dat soos Ek leef, wil Ek dat hy my evangelie sal verkondig en van my [b]leer, en sagmoedig en nederig van hart moet wees.

2 En dit wat Ek hom aangestel het is dat hy saam met my diensknegte, Oliver Cowdery en Peter Whitmer, Jr., na die wildernis onder die [a]Lamaniete sal [b]gaan.

3 En [a]Ziba Peterson sal ook saam met hulle gaan; en Ek sal self saam met hulle gaan en in hulle [b]midde wees; en Ek is hulle [c]Voorspraak by die Vader, en niks sal seëvier oor hulle nie.

4 En hulle sal [a]ag slaan op dit wat geskryf is, en nie aanspraak maak op enige ander [b]openbaring nie, en hulle sal altyd bid sodat Ek dit aan hulle [c]begrip kan [d]ontvou.

5 En hulle sal ag slaan op hierdie woorde en dit nie ligtelik opneem nie, en Ek sal hulle seën. Amen.

## AFDELING 33

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan Ezra Thayre en Northrop Sweet, te Fayette, New York, Oktober 1830. In die bekendmaking van hierdie openbaring het Joseph Smith se geskiedenis bevestig dat "die Here . . . altyd gereed is om diegene wat Hom ywerig in geloof soek, te onderrig."*

*1–4, Arbeiders word geroep om die evangelie te verkondig in die elfde uur; 5–6, Die Kerk word gevestig, en die uitverkorenes moet versamel word; 7–10, Bekeer, want die koninkryk van die hemel is op hande; 11–15, Die Kerk is gebou op die rots van die evangelie; 16–18, Berei voor op die koms van die Bruidegom.*

Kyk, Ek sê vir julle, my diensknegte Ezra en Northrop, open julle ore en slaan ag op die stem van die Here julle God, wie se [a]woord lewend en kragtig is, skerper as 'n tweesnydende swaard, om vanmekaar te skei beide gewrigte en murg, siel en gees; en 'n onderskeider is van die gedagtes en [b]bedoelinge van die hart.

2 Want voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle dat julle geroep is om julle stemme te verhef soos met die [a]klank van 'n trompet, om my evangelie te verkondig aan 'n verkeerde en 'n verdraaide geslag.

**32** 1*a* GS Pratt, Parley Parker.
*b* Matt. 11:28–30.
2*a* L&V 3:18–20.
*b* L&V 28:8; 30:5.
3*a* L&V 58:60.
*b* Matt. 18:20; L&V 6:32; 38:7.
*c* GS Voorspraak.
4*a* 1 Ne. 15:25; L&V 84:43–44.
*b* L&V 28:2.
*c* GS Begrip.
*d* JS—G 1:74.
**33** 1*a* Hebr. 4:12; Hel. 3:29–30.
*b* Alma 18:32; L&V 6:16.
2*a* Jes. 58:1.

3 Want kyk, die [a]veld is wit, gereed vir die oes; en dit is die [b]elfde uur, en die [c]laaste keer dat Ek die arbeiders in my wingerd sal roep.

4 En my [a]wingerd het [b]bedorwe geraak, elke gedeelte; en daar is niemand wat [c]goeddoen nie behalwe 'n paar; en hulle [d]dwaal in vele opsigte vanweë [e]priesterliste, almal met verdorwe verstand.

5 En voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle dat Ek hierdie [a]kerk [b]gevestig en geroep het uit die wildernis.

6 En net so sal Ek my uitverkorenes [a]versamel van die [b]vier hoeke van die aarde, en wel soveel as wat in My sal glo, en ag slaan op my stem.

7 Ja, voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, dat die veld wit is, gereed vir die oes; daarom, steek in julle sekels en oes met al julle mag, verstand en krag.

8 [a]Open julle monde en hulle sal gevul word, en julle sal word net soos [b]Nefi van ouds, wat gereis het van Jerusalem in die wildernis.

9 Ja, open julle monde en hou nie terug nie, en julle sal belaai word met [a]gerwe op julle rûe, want sien, Ek is met julle.

10 Ja, open julle monde en hulle sal gevul word, en sê: [a]Bekeer, bekeer, en berei julle die weg van die Here, en maak sy paaie reguit; want die koninkryk van die hemel is op hande;

11 Ja, bekeer en word [a]gedoop, elkeen van julle, vir 'n vergifnis van julle sondes; ja, word gedoop en wel deur water, en dan kom die doop van vuur en van die Heilige Gees.

12 Kyk, voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, dit is my [a]evangelie; en onthou dat hulle geloof sal hê in My anders kan hulle geensins gered word nie;

13 En op hierdie [a]rots sal Ek my kerk bou, ja op hierdie rots is julle gebou, en as julle voortgaan, sal die [b]poorte van die hel nie seëvier oor julle nie.

14 En julle sal die kerk se [a]artikels en verbonde onthou om hulle te onderhou.

15 En wie ook al geloof het, sal julle [a]bevestig in my kerk, deur die oplegging van [b]hande, en Ek sal die [c]gawe van die Heilige Gees aan hulle skenk.

3*a* Joh. 4:35; L&V 4:4; 12:3; 14:3.
*b* Matt. 20:1–16.
*c* Jakob 5:71; L&V 43:28.
4*a* GS Wingerd van die Here.
*b* 2 Ne. 28:2–14; Morm. 8:28–41.
*c* Rom. 3:12; L&V 35:12.
*d* 2 Ne. 28:14.
*e* GS Priesterlis.
5*a* GS Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, Die.
*b* GS Herstelling van die Evangelie.
6*a* GS Israel—Die versameling van Israel.
*b* 1 Ne. 19:15–17.
8*a* L&V 88:81.
*b* 2 Ne. 1:26–28.
9*a* Ps. 126:6; Alma 26:3–5; L&V 75:5.
10*a* Matt. 3:1–3.
11*a* GS Doop.
12*a* 3 Ne. 27:13–22.
13*a* GS Rots.
*b* Matt. 16:16–19; L&V 10:69–70.
14*a* DI L&V 20 (sien die opskrif van afdeling 20). L&V 42:13.
15*a* L&V 20:41.
*b* GS Hande, Oplegging van.
*c* GS Gawe van die Heilige Gees.

16 En die Boek van Mormon en die heilige [a]skrifture word deur My gegee vir jul [b]onderrig; en die krag van my Gees [c]verkwik alle dinge.
17 Daarom, wees getrou, bid altyd, hou julle lampe gereed en brandend, en olie by julle, sodat julle gereed mag wees met die koms van die [a]Bruidegom—
18 Want kyk, voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle dat Ek spoedig [a]kom. Dit is so. Amen.

# AFDELING 34

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan Orson Pratt, te Fayette, New York, 4 November 1830. Broer Pratt was negentien jaar oud op daardie tydstip. Hy is bekeer en gedoop toe hy die eerste keer die prediking van die herstelde evangelie gehoor het deur sy ouer broer, Parley P. Pratt, ses weke vantevore. Hierdie openbaring is ontvang in die Peter Whitmer Snr. woning.*

*1–4, Die getroues word die seuns van God deur die Versoening; 5–9, Die prediking van die evangelie berei die weg vir die tweede koms; 10–12, Profesie kom deur die mag van die Heilige Gees.*

My seun [a]Orson, slaan ag en hoor en kyk wat Ek, die Here God, vir jou sal sê, en wel Jesus Christus, jou Verlosser;
2 Die [a]lig en die lewe van die wêreld, 'n lig wat skyn in die duisternis en die duisternis begryp dit nie;
3 Wat die wêreld so [a]liefgehad het dat [b]hy sy eie lewe [c]gegee het, sodat soveel as wat wou glo [d]seuns van God mag word. Daarom is jy my seun;
4 En [a]geseënd is jy omdat jy geglo het;
5 En meer geseënd is jy omdat jy deur My [a]geroep is om my evangelie te predik—
6 Om jou stem te verhef soos met die klank van 'n trompet, beide lank en luid, en bekering [a]roep tot 'n krom en wederstrewige geslag, om die weg te berei van die Here vir sy [b]Tweede koms.

16*a* GS Skrifture.
*b* 2 Tim. 3:16.
*c* Joh. 6:63.
17*a* Matt. 25:1–13. GS Bruidegom.
18*a* Openb. 22:20. GS Tweede Koms van Jesus Christus.
**34** 1*a* GS Pratt, Orson.
2*a* Joh. 1:1–5. GS Lig, Lig van Christus.
3*a* Joh. 3:16; 15:13. GS Liefde.
*b* GS Verlosser.
*c* GS Verlos, Verlossing; Versoen, Versoening.
*d* Joh. 1:9–12; Rom. 8:14, 16–17; Moses 6:64–68. GS Seuns en Dogters van God.
4*a* Joh. 20:29.
5*a* GS Roep, Geroepe van God, Roeping.
6*a* L&V 6:9.
*b* GS Tweede Koms van Jesus Christus.

7 Want kyk, voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, die [a]tyd is spoedig op hande dat Ek sal kom in 'n [b]wolk met krag en groot heerlikheid.

8 En dit sal 'n [a]groot dag wees ten tyde van my koms, want alle nasies sal [b]bewe.

9 Maar voor daardie dag sal kom, sal die son verduister word, en die maan sal in bloed verander word, en die sterre sal weier om te skyn, en sommiges sal val, en groot vernietigings wag vir die bose.

10 Daarom, verhef jou stem en [a]hou nie terug nie, want die Here God het gespreek; daarom profeteer, en dit sal jou gegee word deur die [b]mag van die Heilige Gees.

11 En as jy getrou is, kyk, Ek is met jou totdat Ek kom—

12 En voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, Ek kom spoedig. Ek is jou Here en jou Verlosser. Dit is so. Amen.

## AFDELING 35

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet en Sidney Rigdon, te of naby Fayette, New York, 7 Desember 1830. Op hierdie tydstip was die Profeet besig, feitlik op 'n daaglikse basis, om 'n vertaling te maak van die Bybel. Die vertaling is so vroeg as Junie 1830 begin, en beide Oliver Cowdery en John Whitmer het as skrywers gedien. Aangesien hulle nou tot ander pligte geroep is, is Sidney Rigdon geroep deur goddelike aanstelling om te dien as die Profeet se skrywer in hierdie werk (sien vers 20.) As 'n voorwoord tot die verslag van hierdie openbaring, verklaar Joseph Smith se geskiedenis: "In Desember het Sidney Rigdon [van Ohio] gekom om by die Here navraag te doen, en saam met hom het Edward Partridge gekom. . . . Kort na die aankoms van hierdie twee broers, só het die Here gespreek."*

*1–2, Hoe mense die seuns van God mag word; 3–7, Sidney Rigdon word geroep om te doop en om die Heilige Gees toe te ken; 8–12, Tekens en wonderwerke word deur geloof teweeggebring; 13–16, Die Here se diensknegte sal die nasies dors deur die krag van die Gees; 17–19, Joseph Smith hou die sleutels van die verborgenhede; 20–21, Die uitverkorenes sal die dag van die koms van die Here verdra; 22–27, Israel sal gered word.*

LUISTER na die stem van die [a]Here julle God, naamlik [b]Alfa en

7 *a* Openb. 1:3.
*b* Lk. 21:27.
8 *a* Joël 2:11; Mal. 4:5; L&V 43:17–26. GS Tweede Koms van Jesus Christus.
*b* Jes. 64:2.
10 *a* Jes. 58:1.
*b* 2 Petr. 1:21.
**35** 1 *a* GS Here.
*b* Openb. 1:8. GS Alfa en Omega.

Omega, die begin en die einde, wie se [c]verloop een ewige kringloop is, [d]dieselfde vandag as gister, en vir ewig.
2 Ek is Jesus Christus, die Seun van God, wat [a]gekruisig is vir die sondes van die wêreld, en wel soveel as wat sal [b]glo in my Naam, sodat hulle die [c]kinders van God mag word, en wel [d]een in My soos Ek [e]een is in die Vader, soos die Vader een in My is, sodat Ons een mag wees.
3 Kyk, voorwaar, voorwaar, Ek sê vir my dienskneg Sidney, Ek het jou en jou werke aanskou. Ek het jou gebede aangehoor, en jou voorberei vir ′n groter werk.
4 Jy is geseënd, want jy sal groot dinge doen. Kyk, jy was uitgestuur, net soos [a]Johannes, om die weg voor My voor te berei, en voor [b]Elía wat sal kom, en jy het dit nie geweet nie.
5 Jy het gedoop met water tot bekering, maar hulle het nie die Heilige Gees [a]ontvang nie;
6 Maar nou gee Ek aan jou ′n gebod, dat jy sal [a]doop met water, en hulle sal die [b]Heilige Gees ontvang deur die oplegging van die [c]hande, net soos die apostels van ouds.
7 En dit sal gebeur dat daar ′n groot werk in die land sal wees, en wel onder die [a]nie-Jode, want hulle dwaasheid en hulle gruwels sal openbaar gemaak word in die oë van alle mense.
8 Want Ek is God, en my arm is nie [a]verkort nie; en Ek sal [b]wonderwerke, [c]tekens, en wonders toon aan al diegene wat [d]glo in my Naam.
9 En wie ook al dit sal vra in my Naam in [a]geloof, hulle sal [b]duiwels [c]uitwerp; hulle sal die siekes [d]genees; hulle sal die blindes hulle sig laat ontvang, en die dowes laat hoor, en die stommes laat spreek, en die verlamdes te laat loop.
10 En die tyd kom spoedig dat groot dinge bekend gemaak sal word aan die kinders van mense;
11 Maar [a]sonder geloof sal niks bekendgemaak word nie, behalwe [b]verwoestings oor [c]Babilon, sy wat alle nasies laat drink van die wyn van die toorn van haar [d]ontug.
12 En daar is [a]niemand wat

---

1 *c* 1 Ne. 10:19; L&V 3:2.
*d* Hebr. 13:8; L&V 38:1–4; 39:1–3.
2 *a* GS Kruisiging.
*b* L&V 20:25; 45:5, 8.
*c* GS Seuns en Dogters van God.
*d* Joh. 17:20–23. GS Eenheid.
*e* GS God, Godheid.
4 *a* Mal. 3:1; Matt. 11:10; 1 Ne. 11:27; L&V 84:27–28.
*b* 3 Ne. 25:5–6; L&V 2:1; 110:13–15.
5 *a* Hand. 19:1–6.
6 *a* GS Doop.
*b* GS Gawe van die Heilige Gees.
*c* GS Hande, Oplegging van.
7 *a* GS Nie-Jode.
8 *a* Jes. 50:2; 59:1.
*b* GS Wonderwerk.
*c* GS Teken.
*d* GS Geloof, Glo.
9 *a* GS Geloof, Glo.
*b* Mark. 1:21–45.
*c* Mark. 16:17.
*d* GS Genees, Genesings.
11 *a* L&V 63:11–12.
*b* L&V 5:19–20.
*c* GS Babel, Babilon.
*d* Openb. 18:2–4.
12 *a* Rom. 3:10–12; L&V 33:4; 38:10–11; 84:49.

goeddoen nie, behalwe diegene
wat gereed is om die volheid van
my evangelie te ontvang, wat Ek
uitgestuur het aan hierdie geslag.
13 Nou, Ek doen ′n beroep op
die [a]swak dinge van die wêreld,
diegene wat [b]ongeleerd en verag
is, om die nasies te dors deur die
krag van my Gees;
14 En hulle arm sal my arm
wees, en Ek sal hul [a]skild en hul
pantser wees; en Ek sal hulle lendene
omgord, en hulle sal dapper
veg vir My; en hulle [b]vyande
sal onder hul voete wees; en Ek
sal die swaard laat [c]val om hul
ontwil, en deur die [d]vuur van my
verontwaardiging sal Ek hulle bewaar.
15 En die [a]armes en die [b]sagmoediges
sal die evangelie aan
hulle gepreek hoor, en hulle sal
[c]uitsien na die tyd van my koms,
want dit is [d]op hande—
16 En hulle sal die gelykenis
van die [a]vyeboom leer, want nou
reeds is die somer naby.
17 En Ek het die [a]volheid van
my evangelie uitgestuur deur die
hand van my dienskneg [b]Joseph;
en in swakheid het Ek hom geseën;
18 En Ek het aan hom die [a]sleutels
van die verborgenhede gegee
van daardie dinge wat [b]verseël
is, naamlik dinge wat was vanaf
die [c]grondlegging van die wêreld,
en die dinge wat sal plaasvind
van hierdie tyd tot die tyd
van my koms, as hy in My bly, en
indien nie, sal Ek ′n ander plant
in sy plek.
19 Nou, waak oor hom dat sy
geloof nie faal nie, en dit sal gegee
word deur die [a]Trooster, die [b]Heilige
Gees, wat alle dinge weet.
20 En ′n gebod gee Ek aan jou—
dat jy vir hom sal [a]skryf; en die
skrifture sal gegee word, net soos
hulle in my eie boesem is, vir die
heil van my eie [b]uitverkorenes;
21 Want hulle sal my [a]stem hoor,
en sal My sien, en sal nie slaap
nie, en sal die dag van my [b]koms
[c]verdra; want hulle sal gereinig
word, net soos Ek [d]rein is.
22 En nou sê Ek aan [a]jou, vertoef
by hom, en hy sal saam met jou
reis; verlaat hom nie, en hierdie
dinge sal sekerlik vervul word.

13*a* 1 Kor. 1:27; L&V 1:19–23; 124:1.
*b* Hand. 4:13.
14*a* 2 Sam. 22:2–3.
*b* L&V 98:34–38.
*c* L&V 1:13–14.
*d* L&V 128:24.
15*a* Matt. 11:5.
*b* GS Sagmoedig, Sagmoedigheid.
*c* 2 Petr. 3:10–13; L&V 39:23; 45:39; Moses 7:62.
*d* L&V 63:53.
16*a* Matt. 24:32; L&V 45:36–38; JS—M 1:38. GS Tekens van die Tye.
17*a* L&V 42:12.
*b* L&V 135:3.
18*a* L&V 84:19.
*b* Dan. 12:9; Matt. 13:35; 2 Ne. 27:10–11; Ether 4:4–7; JS—G 1:65.
*c* L&V 128:18.
19*a* Joh. 14:16, 26; 15:26. GS Trooster.
*b* GS Heilige Gees.
20*a* Die Profeet was op hierdie stadium besig met ′n geopenbaarde vertaling van die Bybel, waartoe Sidney rigdon as ′n skrywer geroep is.
*b* GS Uitverkore.
21*a* Joël 2:11; L&V 43:17–25; 88:90; 133:50–51.
*b* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
*c* Mal. 3:2–3.
*d* GS Suiwer, Suiwerheid.
22*a* L&V 100:9–11.

23 En [a]in soverre jy nie skryf nie, kyk, dit sal aan hom gegee word om te profeteer; en jy sal my evangelie predik en jou beroep op [b]die heilige profete om sy woorde te bewys, na gelang hulle aan hom gegee sal word.

24 [a]Onderhou al die gebooie en verbonde waardeur julle gebind is; en Ek sal die hemele laat [b]skud tot julle voordeel, en [c]Satan sal bewe en Sion sal haar [d]verbly op die heuwels en floreer;

25 En [a]Israel sal [b]gered word in my eie bepaalde tyd; en deur die [c]sleutels wat Ek gegee het sal hulle gelei word, en nooit weer verwar word nie.

26 Hef op julle harte en wees bly, julle [a]verlossing kom nader.

27 Vrees nie klein kuddetjie, die [a]koninkryk is julle s'n tot Ek kom. Kyk, Ek [b]kom spoedig. Dit is so. Amen.

## AFDELING 36

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan Edward Partridge, naby Fayette, New York, 9 Desember 1830 (sien die opskrif van afdeling 35). Joseph Smith se geskiedenis verklaar dat Edward Partridge "'n voorbeeld was van vroomheid, en een van die Here se groot manne."*

*1–3, Die Here lê sy hand op Edward Partridge deur die hand van Sidney Rigdon; 4–8, Elke man wat die evangelie en die priesterskap ontvang, moet geroep word om uit te gaan en te preek.*

So sê die Here God, die [a]Magtige Een van Israel: Kyk, Ek sê vir jou, my dienskneg [b]Edward, dat jy geseënd is, en jou sondes is jou vergewe, en jy word geroep om my evangelie te preek soos met die stem van 'n trompet;

2 En Ek sal my [a]hand op jou lê deur die hand van my dienskneg Sidney Rigdon, en jy sal my Gees ontvang, die Heilige Gees, naamlik die [b]Trooster, wat jou die [c]vredige dinge van die koninkryk sal leer;

3 En jy sal dit verkondig met 'n luide stem, en sê: Hosanna, prys die Naam van die Allerhoogste God.

23 *a* DI wanneer Sidney Rigdon nie besig was met skryfwerk nie.
*b* DI die skrifture.
24 *a* L&V 103:7.
*b* L&V 21:6.
*c* 1 Ne. 22:26.
*d* GS Vreugde.
25 *a* GS Israel.
*b* Jes. 45:17; 1 Ne. 19:15–16; 22:12.
*c* GS Sleutels van die Priesterskap.
26 *a* Lk. 21:28.
27 *a* GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
*b* Openb. 22:20.
**36** 1 *a* GS Jehova; Jesus Christus.
*b* L&V 41:9–11.
2 *a* GS Hande, Oplegging van.
*b* GS Heilige Gees; Trooster.
*c* L&V 42:61.

4 En nou, hierdie roeping en gebod gee Ek aan jou aangaande alle mense—
5 Dat soveel as wat voor my diensknegte Sidney Rigdon en Joseph Smith, Jr. sal kom, en hierdie roeping en gebod omhels, [a]geordineer sal word en uitgestuur word om die ewigdurende evangelie te [b]predik onder die nasies—
6 En bekering uitroep, en sê: [a]Red julleself van hierdie verdraaide geslag, en kom uit die vuur uit, en haat selfs die [b]kleding wat bevlek is deur die vlees.
7 En hierdie gebod sal gegee word aan die ouderlinge van my kerk, dat elke man wat dit sal omhels met eenvoud van hart geordineer mag word en uitgestuur word, net soos Ek gespreek het.
8 Ek is Jesus Christus, die Seun van God; daarom, omgord jou lendene en Ek sal skielik na my [a]tempel kom. Dit is so. Amen.

## AFDELING 37

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet en Sidney Rigdon, naby Fayette, New York, Desember 1830. Hierin word die eerste gebod gegee aangaande ʼn versameling in hierdie tydvak.*

*1–4, Die Heiliges word geroep om te versamel by die Ohio.*

Kyk, Ek sê vir julle dat dit nie raadsaam is in My dat julle nie meer moet [a]vertaal tot julle na die Ohio sal gaan nie, en dit vanweë die vyand en om julle onthalwe.
2 En verder, Ek sê vir julle dat julle nie sal gaan tot julle my evangelie gepredik het in daardie streke nie, en die kerk versterk het waar dit ook al gevind word, en meer spesifiek in [a]Colesville; want, kyk, hulle bid tot My in veel geloof.
3 En verder, ʼn gebod gee Ek aan die kerk, dat dit raadsaam is in My dat hulle hul sal versamel by [a]die Ohio, in afwagting op die tyd wanneer my dienskneg Oliver Cowdery sal terugkeer na hulle.
4 Kyk, hier is wysheid, en laat elke mens vir homself [a]kies tot Ek kom. Dit is so. Amen.

## AFDELING 38

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Fayette, New*

---

5*a* L&V 63:57. GS Ordineer, Ordinering.
*b* GS Preek.
6*a* Hand. 2:40.
*b* Judas 1:23.
8*a* Mal. 3:1.
**37** 1*a* DI die vertaling van die Bybel wat alreeds aan die gang was.
2*a* L&V 24:3; 26:1.
3*a* DI die staat Ohio. L&V 38:31–32.
4*a* GS Handelingsmag.

*York, 2 Januarie 1831. Die geleentheid was 'n konferensie van die Kerk.*

*1–6, Christus het alle dinge geskape; 7–8, Hy is in die midde van sy Heiliges, wat Hom spoedig sal sien; 9–12, Alle vlees is verdorwe voor Hom; 13–22, Hy het 'n land van belofte gereserveer vir sy Heiliges in tyd en in ewigheid; 23–27, Die Heiliges word gebied om een te wees en mekaar as broers te beskou; 28–29, Oorloë word voorspel; 30–33, Die Heiliges sal krag gegee word van omhoog en om uit te gaan onder alle nasies; 34–42, Die Kerk word gebied om te sorg vir die armes en behoeftiges en om die rykdomme van die ewigheid te soek.*

So sê die Here jou God, naamlik
Jesus Christus, die Groot [a]Ek Is,
Alfa en Omega, die [b]begin en die
einde, hy wat gekyk het na die
wye uitgestrektheid van die ewig-
heid, en al die serafynse [c]leërskare
van die hemel, [d]voor die wêreld
[e]gemaak was;
2 Hy wat alle dinge [a]weet, want
[b]alle dinge is aanwesig voor my
oë;
3 Ek is Hy wat gespreek het, en
die wêreld is [a]gemaak, en alle
dinge het deur My gekom.
4 Ek is Hy wat die [a]Sion van
Henog na my eie boesem ge-
neem het; en voorwaar, Ek sê, en
wel soveel as wat [b]geglo het in
my Naam, want Ek is Christus,
en in my eie Naam, deur die krag
van die [c]bloed wat Ek gestort het,
het Ek gepleit voor die Vader vir
hulle.
5 Maar kyk, die oorblyfsel van
die [a]bose het Ek in [b]kettings van
duisternis gehou tot die [c]oordeel
van die groot dag, wat sal kom
aan die einde van die aarde;
6 En net so sal Ek die bose laat
hou, wat nie my stem wil hoor
nie, maar hulle harte verhard, en
wee, wee, wee, is hulle lot.
7 Maar kyk, voorwaar, voor-
waar, Ek sê vir julle dat my [a]oë
op julle is. Ek is in julle [b]midde en
julle kan My nie sien nie;
8 Maar die dag kom spoedig dat
julle My sal [a]sien, en weet dat Ek
is; want die sluier van duisternis
sal spoedig geskeur word, en hy
wat nie [b]gesuiwer is nie, sal nie
die dag [c]verduur nie.
9 Daarom, omgord julle len-
dene en wees voorbereid. Kyk,

**38** 1*a* GS EK IS.
*b* Openb. 1:8.
*c* L&V 45:1.
*d* GS Vooraardse Lewe.
*e* Ps. 90:2.
2*a* L&V 88:41; Moses 1:35. GS Alwetend.
*b* Spr. 5:21; 2 Ne. 9:20.
3*a* Ps. 33:6–9. GS Skep, Skepping.
4*a* JSV Gén. 14:25–40 (Bylae); L&V 45:11–14; 76:66–67; 84:99–100; Moses 7:18–21. GS Sion.
*b* L&V 20:25; 35:2; 45:3–5.
*c* GS Versoen, Versoening.
5*a* GS Onregverdig, Onregverdigheid.
*b* 2 Petr. 2:4; Judas 1:6. GS Hel.
*c* GS Oordeel, Die Laaste.
7*a* L&V 1:1.
*b* L&V 6:32; 29:5.
8*a* Openb. 22:4–5. GS Tweede Koms van Jesus Christus.
*b* GS Suiwer, Suiwerheid.
*c* Mal. 3:2.

die [a]koninkryk is julle s'n, en die vyand sal nie oorwin nie.
10 Voorwaar, Ek sê vir julle,
julle is [a]rein, maar nie almal nie;
en daar is niemand anders in wie
Ek 'n [b]welbehae het nie;
11 Want alle [a]vlees is verdorwe
voor My; en die magte van die
[b]duisternis heers op die aarde, onder die kinders van mense, in die teenwoordigheid van al die leërskare van die hemel—
12 Wat stilte laat heers, en alle
ewigheid is [a]gepynig, en die [b]engele wag op die groot bevel om die aarde af te [c]maai, om die [d]onkruid bymekaar te maak sodat dit [e]verbrand mag word; en, kyk, die vyand is verenig.
13 En nou toon Ek aan julle 'n
verborgenheid, 'n ding wat bestaan in binnekamers, om selfs julle eie [a]vernietiging te weeg te bring na verloop van tyd, en julle het dit nie geweet nie;
14 Maar nou vertel Ek dit vir
julle, en julle is geseënd, nie vanweë jul ongeregtigheid nie, nóg julle harte van ongeloof; want voorwaar sommige van julle is skuldig voor My, maar Ek sal barmhartig wees teenoor jul swakheid.
15 Daarom, julle moet [a]sterk
wees van nou af; [b]vrees nie, want die koninkryk is julle s'n.
16 En vir julle heil gee Ek aan
julle 'n gebod, want Ek het julle gebede gehoor, en die [a]armes het voor My gekla, en die [b]rykes het Ek gemaak, en alle vlees is myne, en Ek is geen [c]aannemer van die persoon nie.
17 En Ek het die aarde ryk gemaak, en kyk dit is my [a]voetbank, daarom, Ek sal weer daarop staan.
18 En Ek hou uit en dit behaag My om aan julle groter rykdomme te gee, naamlik 'n land van belofte, 'n land vloeiende van melk en heuning, waarop daar geen vervloeking sal wees wanneer die Here kom nie;
19 En Ek sal dit aan julle gee vir
die land van jul erfenis, as julle dit soek met julle hele hart.
20 En dit sal my verbond wees
met julle, julle sal dit hê vir die land van jul erfenis, en vir die [a]erfenis van julle kinders vir ewig, terwyl die aarde sal staan, en julle sal dit weer besit in die ewigheid, om nie weer weg te gaan nie.
21 Maar, voorwaar, Ek sê vir
julle, dat julle mettertyd geen koning nóg heerser sal hê, want Ek sal julle [a]koning wees en waak oor julle.

9*a* Lk. 6:20.
GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
10*a* GS Rein en Onrein.
*b* L&V 1:30.
11*a* Jes. 1:3–4; L&V 33:4.
*b* Miga 3:6; L&V 112:23; Moses 7:61–62.
12*a* Moses 7:41.
*b* L&V 86:3–7.
*c* GS Oes.
*d* L&V 88:94; 101:65–66.
*e* Matt. 13:30.
13*a* L&V 5:32–33.
15*a* GS Moed, Moedig.
*b* GS Vrees—Vrees vir die mens.
16*a* Mosia 4:16–18.
*b* 1 Sam. 2:7.
*c* Hand. 10:34; Moro. 8:11–12; L&V 1:34–35.
17*a* 1 Ne. 17:39; Abr. 2:7.
20*a* L&V 45:58.
21*a* Sag. 14:9; 2 Ne. 10:14; Alma 5:50.

22 Daarom, hoor my stem en [a]volg My, en julle sal 'n [b]vrye volk wees, en julle sal geen wette hê behalwe my wette nie wanneer Ek kom, want Ek is julle [c]wetgewer, en wat kan my hand keer?

23 Maar, voorwaar Ek sê vir julle, [a]onderrig mekaar ooreenkomstig die amp waarin Ek julle aangestel het;

24 En laat elkeen sy broer [a]ag soos homself, en beoefen [b]deugsaamheid en [c]heiligheid voor My.

25 En weer, Ek sê vir julle, laat elkeen sy broer ag soos homself.

26 Want watter mens onder julle wat twaalf seuns het, en nie 'n aannemer van die persoon is nie, en hulle dien hom gehoorsaam, en hy sê vir die een: Wees geklee in 'n kleed en sit jy hier; en vir die ander: Wees gekleed in stukkende klere en sit jy daar—en aanskou sy seuns en sê ek is regverdig?

27 Kyk, Ek het dit aan julle gegee as 'n gelykenis, en dit is net soos Ek is. Ek sê vir julle, wees [a]een; en as julle nie een is nie, is julle nie myne nie.

28 En weer, Ek sê vir julle dat die vyand in die binnekamers julle [a]lewens soek.

29 Julle hoor van [a]oorloë in verre lande, en julle sê dat daar binnekort groot oorloë sal wees in verre lande, maar julle ken nie die harte van mense in julle eie land nie.

30 Ek vertel julle hierdie dinge vanweë jul gebede; daarom, [a]bewaar [b]wysheid in julle boesem, sodat die boosheid van mense nie hierdie dinge aan julle openbaar deur hul boosheid nie, op 'n wyse wat sal spreek in jul ore met 'n stem harder as dit wat die aarde sal skud; maar as julle voorbereid is, sal julle nie vrees nie.

31 En sodat julle die krag van die vyand mag ontsnap, en versamel word as 'n regverdige volk tot my, sonder [a]vlek en skuldeloos—

32 Daarom, om hierdie rede het Ek aan julle die gebod gegee dat julle na die [a]Ohio moet gaan; en daar sal Ek aan julle my [b]wet gee; en daar sal julle [c]begiftig word met krag van omhoog;

33 En van daar, wie ook al Ek wil, sal [a]uitgaan onder alle nasies, en dit sal aan hulle gesê word wat hulle moet doen; want Ek het 'n groot werk wat gereed is, want Israel sal [b]gered word, en Ek sal hulle lei waarheen Ek wil, en geen krag sal my hand [c]keer nie.

34 En nou, Ek gee aan die kerk

22 *a* Joh. 10:27.
*b* GS Jesus Christus—Christus se heerskappy in die Millennium.
*c* Jes. 33:22; Miga 4:2; L&V 45:59.
23 *a* L&V 88:77–79, 118, 122. GS Onderrig, Onderwyser.
24 *a* Deut. 17:20; 1 Kor. 4:6.
*b* L&V 46:33. GS Deugsaamheid.
*c* GS Heiligheid.
27 *a* Joh. 17:21–23; 1 Kor. 1:10; Efés. 4:11–14; 3 Ne. 11:28–30; Moses 7:18. GS Eenheid.
28 *a* L&V 5:33; 38:13.
29 *a* L&V 45:26, 63; 87:1–5; 130:12.
30 *a* JS—M 1:37.
*b* GS Wysheid.
31 *a* 2 Petr. 3:14.
32 *a* L&V 37:3.
*b* L&V 42.
*c* Lk. 24:49; L&V 39:15; 95:8; 110:9–10.
33 *a* GS Sendingwerk.
*b* Jes. 45:17; Jer. 30:10; L&V 136:22.
*c* Dan. 4:35.

in hierdie streke 'n gebod dat sekere mans onder hulle aangestel sal word, en hulle sal aangestel word deur die [a]stem van die kerk;

35 En hulle sal omsien na die armes en behoeftiges, en in hulle [a]behoeftes voorsien, sodat hulle nie sal ly nie; en stuur hulle uit na die plek waarheen Ek hulle gebied het.

36 En dit sal hulle werk wees, om die sake van die eiendom van hierdie kerk te bestuur.

37 En hulle wat plase het wat nie verkoop kan word nie, laat hulle agter of verhuur hulle soos hulle goeddink.

38 Sien toe dat alle dinge bewaar word; en wanneer mense [a]begiftig word met krag van omhoog en uitgestuur word, sal al hierdie dinge versamel word na die boesem van die kerk.

39 En as julle die [a]rykdomme soek, wat die wil van die Vader is om aan julle te gee, sal julle die rykste van alle volke wees, want julle sal die rykdomme van die ewigheid hê; en dit moet noodwendig wees dat die [b]rykdomme van die aarde myne is om te gee; maar waak teen [c]hoogmoed, sodat julle nie soos die [d]Nefiete van ouds word nie.

40 En weer, Ek sê vir julle, Ek gee aan julle 'n gebod, dat elke mens, beide ouderling, priester, leraar, en ook lid, begin met sy mag, met die arbeid van sy [a]hande, om voor te berei en die dinge te volbring wat Ek gebied het.

41 En laat julle [a]prediking 'n [b]waarskuwende stem wees, elke mens aan sy naaste, in sagaardigheid en sagmoedigheid.

42 En gaan weg [a]uit die midde van die bose. Red julleself. Wees julle rein wat die heilige voorwerpe van die Here dra. Dit is so. Amen.

## AFDELING 39

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan James Covel, te Fayette, New York, 5 Januarie 1831. James Covel, wat 'n Metodiste-prediker vir ongeveer veertig jaar was, het 'n verbond gesluit met die Here dat hy enige gebod sou gehoorsaam wat die Here aan hom sou gee deur Joseph Smith die Profeet.*

*1–4, Die Heiliges het die krag om die seuns van God te word; 5–6, Om die evangelie te ontvang is om Christus te ontvang; 7–14, James Covel word gebied om gedoop te word en te arbei in die Here se wingerd; 15–21, Die*

34*a* GS Algemene Instemming.
35*a* GS Welsyn.
38*a* GS Begiftiging.
39*a* Jakob 2:17–19; L&V 11:7.
*b* Hag. 2:8.
*c* GS Hoogmoed.
*d* Moro. 8:27.
40*a* 1 Kor. 4:12.
41*a* GS Preek.
*b* GS Waarsku, Waarskuwing.
42*a* Jes. 52:11.

*Here se diensknegte moet die evangelie predik voor die Tweede Koms; 22–24, Diegene wat die evangelie ontvang, sal versamel word in tyd en in ewigheid.*

SLAAN ag op en luister na die stem
van Hom wat van alle [a]ewigheid
tot alle ewigheid is, die Groot [b]EK
IS, naamlik Jesus Christus—
2 Die [a]lig en die lewe van die
wêreld; ′n lig wat skyn in die
duisternis en die duisternis begryp dit nie;
3 Hy wat in die [a]middelpunt
van tyd gekom het na my eie, en
my eie het My nie ontvang nie;
4 Maar aan soveel as wat My
ontvang het, het Ek krag gegee om
my [a]seuns te word; net so sal Ek
aan soveel as wat My sal ontvang,
krag gee om my seuns te word.
5 En voorwaar, voorwaar, Ek
sê vir jou, dat hy wat my evangelie ontvang, My [a]ontvang; en
hy wat nie my evangelie ontvang
nie, ontvang My nie.
6 En dit is my [a]evangelie—bekering en doop deur water, en dan
kom die [b]doop met vuur en die
Heilige Gees, naamlik die Trooster, wat alle dinge openbaar, en
die vredige dinge van die koninkryk [c]onderrig.
7 En nou, kyk, Ek sê vir jou,
my dienskneg [a]James, Ek het jou
werke aanskou en Ek ken jou.
8 En voorwaar, Ek sê vir jou, jou
hart is nou reg voor My op hierdie tydstip; en, kyk, Ek het groot
seëninge uitgestort op jou hoof;
9 Nietemin, jy het groot droefheid gesien, want jy het My telkemale verwerp vanweë hoogmoed
en die sorge van die [a]wêreld.
10 Maar kyk, die dae van jou bevryding het gekom, as jy sal ag
slaan op my stem, wat vir jou sê:
Staan op en word [a]gedoop, en
was jou sondes weg, roepende op
my Naam, en jy sal my Gees ontvang, en ′n seëning so groot soos
jy nog nooit geken het nie.
11 En as jy dit doen, het Ek jou
voorberei vir ′n groter werk. Jy
sal die volheid predik van my
evangelie, wat Ek uitgestuur het
in hierdie laaste dae, die verbond
wat Ek uitgestuur het om my volk
[a]terug te wen, wat van die huis
van Israel is.
12 En dit sal gebeur dat krag op
jou sal [a]rus; jy sal groot geloof hê,
en Ek sal met jou wees en voor jou
aangesig uitgaan.
13 Jy word geroep om te [a]arbei
in my wingerd, en om my kerk op
te bou, en om Sion [b]voort te bring

**39** 1*a* Hebr. 13:8; L&V 20:12; 35:1; 38:1–4.
*b* Ex. 3:14. GS Jehova.
2*a* GS Lig, Lig van Christus.
3*a* L&V 20:26; Moses 6:57, 62.
4*a* Joh. 1:12. GS Seuns en Dogters van God.
5*a* Joh. 13:20.
6*a* GS Bekeer, Bekering; Doop; Evangelie.
*b* GS Heilige Gees; Wedergebore, Gebore uit God.
*c* L&V 42:61.
7*a* L&V 40:1.
9*a* Matt. 13:22.
10*a* L&V 40. GS Doop.
11*a* GS Israel—Die versameling van Israel.
12*a* 2 Kor. 12:9.
13*a* Matt. 20:1–16.
*b* Jes. 52:8.

sodat dit mag juig op die heuwels
en [c]floreer.
14 Kyk, voorwaar, voorwaar, Ek
sê vir jou, jy word nie geroep om
te gaan na die oostelike streke nie,
maar jy word geroep om te gaan
na die Ohio.
15 En in soverre my volk hulle-
self sal vergader by die Ohio, het
Ek ʼn [a]seëning bewaar soos onder
die kinders van mense nie bekend
is nie, en dit sal uitgestort word
op hulle hoofde. En van daar sal
mense uitgaan na [b]alle [c]nasies.
16 Kyk, voorwaar, voorwaar
Ek sê vir julle, dat die mense in
Ohio my aanroep in veel geloof,
denkende dat Ek my hand sal te-
rughou in oordeel oor die nasies,
maar Ek kan nie my woord terug-
trek nie.
17 Daarom, arbei met jou mag
en roep getroue arbeiders na my
wingerd, sodat dit [a]gesnoei mag
word vir die laaste keer.
18 En in soverre hulle bekeer
en die volheid van my evangelie
ontvang, en geheilig word, sal Ek
my hand weerhou van [a]oordeel.
19 Daarom, gaan uit, en roep met
ʼn luide stem, en sê: Die konink-
ryk van die hemel is op hande;
en roep: Hosanna! Prys die Naam
van die Allerhoogste God.
20 Gaan uit en doop met water,
en berei die weg voor my aange-
sig vir die tyd van my [a]koms;
21 Want die tyd is op hande; die
[a]dag of die uur [b]weet niemand
nie; maar dit sal sekerlik kom.
22 En hy wat hierdie dinge ont-
vang, ontvang My; en hulle sal
versamel word tot My in tyd en
in ewigheid.
23 En verder, dit sal gebeur dat
op soveel as wat julle sal doop
met water, sal julle jul [a]hande lê,
en hulle sal die [b]gawe van die
Heilige Gees ontvang, en sal [c]uit-
sien na die tekens van my [d]koms,
en hulle sal My ken.
24 Kyk, Ek kom spoedig. Dit is
so. Amen.

## AFDELING 40

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet en Sidney Rigdon, te Fayette, New York, 6 Januarie 1831. As voorwoord tot die verslag van hierdie openbaring, verklaar die Profeet se geskiedenis, "Aangesien James [Covel] die woord van die Here verwerp het, en teruggekeer het na sy voormalige beginsels en mense, het die Here*

13 *c* L&V 117:7.
15 *a* L&V 38:32; 95:8; 110:8–10.
*b* L&V 1:2.
*c* GS Sendingwerk.
17 *a* Jakob 5:61–75; L&V 24:19.
18 *a* GS Jesus Christus—Regter.
20 *a* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
21 *a* Matt. 24:36.
*b* JS—M 1:40.
23 *a* GS Hande, Oplegging van.
*b* GS Gawe van die Heilige Gees.
*c* Openb. 3:3; L&V 35:15; 45:39–44.
*d* 2 Petr. 3:10–14.

*aan my en Sidney Rigdon die volgende openbaring gegee" (sien afdeling 39).*

*1–3, Vrees vir vervolging en die sorge van die wêreld veroorsaak verwerping van die evangelie.*

KYK, voorwaar, Ek sê vir julle, dat die hart van my dienskneg [a]James Covel reg was voor My, want hy het 'n verbond gesluit met My dat hy my woord sou gehoorsaam.
2 En hy het die woord met blydskap [a]ontvang, maar dadelik het Satan hom versoek; en die vrees vir [b]vervolging en die sorge van die wêreld het veroorsaak dat hy die woord [c]verwerp het.
3 Daarom het hy my verbond verbreek, en dit berus by My om te doen met hom soos Ek goeddink. Amen.

---

# AFDELING 41

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan die Kerk, te Kirtland, Ohio, 4 Februarie 1831. Hierdie openbaring gebied die Profeet en Kerk ouderlinge om te bid om God se "wet" te ontvang (sien afdeling 42). Joseph Smith het pas in Kirtland aangekom uit New York, en Leman Copley, 'n lid van die Kerk in die nabye Thompson, Ohio, "het Broer Joseph en Sidney [Rigdon] versoek . . . om by hom te woon en hy sou hulle voorsien van huise en lewensmiddele." Die volgende openbaring verklaar waar Joseph en Sidney moes woon en roep ook Edward Partridge as die Kerk se eerste biskop.*

*1–3, Die ouderlinge sal die Kerk bestuur deur die gees van openbaring; 4–6, Ware dissipels sal die Here se wet ontvang en onderhou; 7–12, Edward Partridge word aangestel as 'n biskop vir die Kerk.*

SLAAN ag en hoor, o julle my volk, sê die Here julle God, julle wat dit my behaag om te [a]seën met die grootste van alle seëninge, julle wat My hoor; en julle wat My nie hoor nie, sal Ek [b]vervloek, wat [c]voorgegee het om my Naam te bely, met die swaarste van alle vervloekings.
2 Slaan ag, o julle ouderlinge van my kerk wat Ek geroep het, kyk, Ek gee aan julle 'n gebod, dat julle julself sal versamel om [a]saam te stem oor my woord;
3 En deur die gebed van julle

---

**40** 1*a* L&V 39:7–11.
2*a* Mark. 4:16–19.
*b* Matt. 13:20–22. GS Vervolg, Vervolging.
*c* GS Afval.
**41** 1*a* GS Seën, Geseënd, Seëning.
*b* Deut. 11:26–28; 1 Ne. 2:23.
*c* L&V 56:1–4; 112:24–26.
2*a* GS Eenheid.

geloof sal julle my [a]wet ontvang,
sodat julle mag weet hoe om my
kerk te bestuur en alle dinge in
orde te hê voor My.
4 En Ek sal julle [a]heerser wees
wanneer Ek [b]kom; en kyk, Ek kom
spoedig, en julle moet toesien dat
my wet onderhou word.
5 Hy wat my wet [a]ontvang en
dit [b]nakom, hy is my dissipel; en
hy wat sê dat hy dit ontvang en
dit nie nakom nie, hy is nie my
dissipel nie, en sal [c]uitgewerp
word onder julle.
6 Want dit is nie gepas dat die
dinge wat behoort aan die kinders
van die koninkryk gegee
moet word aan hulle wat onwaardig
is nie, of aan die [a]honde nie, of
dat die [b]pêrels gewerp word voor
die varke nie.
7 En verder, dit is gepas dat my
dienskneg Joseph Smith, Jr., ′n
[a]huis sal laat bou, waarin hy kan
woon en [b]vertaal.
8 En verder, dit is gepas dat my
dienskneg Sidney Rigdon moet
leef soos hy goeddink, in soverre
hy my gebooie onderhou.
9 En verder, Ek het my dienskneg
[a]Edward Partridge geroep;
en Ek gee ′n gebod, dat hy aangestel
moet word deur die stem van
die kerk, en geordineer word as ′n
[b]biskop vir die kerk, om sy goedere
agter te laat en al sy tyd [c]toe
te wy aan die arbeid van die kerk;
10 Om alle dinge te versorg
wanneer dit aan hom toegewys
word in my wette op die dag
wanneer Ek hulle sal gee.
11 En dit omdat sy hart rein
is voor My, want hy is net soos
[a]Natánael van ouds, in wie daar
geen [b]bedrog is nie.
12 Hierdie woorde word aan
julle gegee, en hulle is rein voor
My; daarom, pasop hoe julle hulle
beskou, want van hulle sal daar
rekenskap gevra word van julle
siele op die oordeelsdag. Dit is
so. Amen.

## AFDELING 42

*Openbaring gegee in twee dele deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 9 en 23 Februarie 1831. Die eerste deel, bestaande uit verse 1 tot 72, is ontvang in die teenwoordigheid van twaalf ouderlinge en ter vervulling van die Here se belofte wat vroeër gemaak*

3 *a* L&V 42.
4 *a* Sag. 14:9; L&V 45:59. GS Jesus Christus—Christus se heerskappy in die Millennium.
*b* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
5 *a* Matt. 7:24.
*b* Jak. 1:22–25; L&V 42:60.
*c* L&V 50:8–9. GS Ekskommunikeer.
6 *a* Matt. 15:26.
*b* Matt. 7:6.
7 *a* L&V 42:71.
*b* DI vertaal die Bybel. L&V 45:60–61.
9 *a* L&V 36:1.
*b* L&V 72:9–12; 107:68–75. GS Biskop.
*c* L&V 51.
11 *a* Joh. 1:47.
*b* GS Bedrog, Bedrieg, Bedrieër.

*is dat die "wet" gegee sou word in Ohio (sien afdeling 38:32). Die tweede deel bestaan uit verse 73 tot 93. Die Profeet omskryf hierdie openbaring as "behelsende die wet van die Kerk".*

*1–10, Die ouderlinge word geroep om die evangelie te predik, bekeerlinge te doop, en om die Kerk op te bou; 11–12, Hulle moet geroep en geordineer word en moet die beginsels van die evangelie onderrig wat in die skrifture gevind word; 13–17, Hulle moet onderrig en profeteer deur die krag van die Gees; 18–29, Die Heiliges word gebied om nie te moor, te steel, te lieg, wellustig te wees, owerspel te pleeg, of kwaad te spreek van andere nie; 30–39, Wette wat die toewyding van besittings beheer word uiteengesit; 40–42, Hoogmoed en luiheid word veroordeel; 43–52, Die siekes moet genees word deur salwings en deur geloof; 53–60, Die skrifture reguleer die Kerk en moet verkondig word aan die wêreld; 61–69, Die ligging van die Nuwe Jerusalem en die verborgenhede van die koninkryk sal geopenbaar word; 70–73, Toegewyde besittings moet aangewend word om Kerkbeamptes te ondersteun; 74–93, Wette wat ontug, egbreuk, moord, diefstal en die belyding van sondes beheer, word uiteengesit.*

SLAAN ag, o julle ouderlinge van my kerk, wat julleself vergader het in my Naam, naamlik Jesus Christus die Seun van die Lewende God, die Saligmaker van die wêreld; in soverre julle in my Naam glo en my gebooie onderhou.

2 Weer sê Ek vir julle, slaan ag en hoor en gehoorsaam die [a]wet wat Ek aan julle sal gee.

3 Want voorwaar, Ek sê, aangesien julle julself vergader het ooreenkomstig die [a]gebod waarmee julle gebied is, en ooreenstem [b]aangaande hierdie een ding, en die Vader gevra het in my Naam, net so sal julle ontvang.

4 Kyk, voorwaar, Ek sê vir julle, Ek gee aan julle hierdie eerste gebod, dat julle sal uitgaan in my Naam, elkeen van julle, behalwe my diensknegte Joseph Smith, Jr., en Sidney Rigdon.

5 En Ek gee aan hulle 'n gebod dat hulle sal uitgaan vir 'n kort tydjie, en dit sal gegee word deur die krag van die [a]Gees wanneer hulle sal terugkeer.

6 En julle sal uitgaan in die krag van my Gees, en my evangelie predik, [a]twee-twee, in my Naam, en julle stemme verhef soos met die klank van 'n trompet, en my woord verklaar soos engele van God.

7 En julle sal uitgaan, en doop met water, en sê: Bekeer julle, bekeer julle, want die koninkryk van die hemel is op hande.

**42** 2*a* L&V 58:23.
GS Wet.
3*a* L&V 38:32.
*b* Matt. 18:19.
5*a* GS Heilige Gees.
6*a* Mark. 6:7.
GS Sendingwerk.

8 En vanaf hierdie plek sal julle uitgaan na die streke weswaarts; en in soverre julle diegene sal vind wat julle wil ontvang, sal julle my kerk opbou in elke streek—

9 Tot die tyd sal kom wanneer dit vir julle geopenbaar word van omhoog, wanneer die [a]stad van die [b]Nuwe Jerusalem voorberei sal word, sodat julle [c]versamel mag word in een, sodat julle my [d]volk mag wees en Ek sal julle God wees.

10 En verder, Ek sê vir julle, dat my dienskneg [a]Edward Partridge sal staan in die amp waarin Ek hom aangestel het. En dit sal gebeur, dat as hy oortree, ʼn [b]ander aangestel sal word in sy plek. Dit is so. Amen.

11 Verder sê Ek vir julle, dat dit nie aan enigeen gegee sal word om uit te gaan om my evangelie te [a]predik, of om my kerk op te bou nie, tensy hy [b]geordineer word deur iemand wat [c]gesag het, en dit is bekend aan die kerk dat hy gesag het en behoorlik geordineer is deur die hoofde van die kerk.

12 En verder, die [a]ouderlinge, priesters en leraars van hierdie kerk moet die beginsels van my evangelie [b]onderrig, wat in die [c]Bybel en die [d]Boek van Mormon is, waarin die volheid van die [e]evangelie is.

13 En hulle sal die [a]verbonde en die kerk se artikels onderhou om hulle te doen, en dié sal hul leringe wees, soos hulle gelei sal word deur die Gees.

14 En die Gees sal aan julle gegee word deur die [a]gebed van geloof; en as julle nie die [b]Gees ontvang nie, sal julle nie onderrig nie.

15 En dit alles sal julle nastreef om te doen soos Ek julle gebied het aangaande julle lering, tot die volheid van my [a]skrifture gegee is.

16 En wanneer julle jul stemme sal verhef deur die [a]Trooster, sal julle spreek en profeteer soos Ek goeddink;

17 Want, kyk, die Trooster weet alle dinge, en lewer getuienis van die Vader en van die Seun.

18 En nou, kyk, Ek spreek tot die kerk. Jy sal nie [a]doodslaan nie; en

9 *a* L&V 57:1–2.
*b* Ether 13:2–11; L&V 45:66–71; 84:2–5; Moses 7:62; Gel. Art. 1:10. GS Nuwe Jerusalem.
*c* GS Israel—Die versameling van Israel.
*d* Sag. 8:8.
10 *a* L&V 41:9–11; 124:19.
*b* L&V 64:40.
11 *a* GS Preek.
*b* GS Ordineer, Ordinering; Roep, Geroepe van God, Roeping.
*c* GS Gesag; Priesterskap.
12 *a* GS Ouderling.
*b* Mosia 18:19–20; L&V 52:9, 36. GS Onderrig, Onderwyser.
*c* GS Bybel.
*d* GS Boek van Mormon; Skrifture—Waarde van die skrifture.
*e* GS Evangelie.
13 *a* DI L&V 20 (sien die opskrif van afdeling 20).
14 *a* L&V 63:64. GS Gebed.
*b* GS Heilige Gees; Onderrig, Onderwyser—Onderrig met die Gees.
15 *a* L&V 42:56–58.
16 *a* 1 Kor. 2:10–14; L&V 68:2–4. GS Trooster.
18 *a* Ex. 20:13–17; Matt. 5:21–37; 2 Ne. 9:35; Mosia 13:21–24; 3 Ne. 12:21–37.

hy wat [b]doodslaan sal nie vergif-
nis hê in hierdie wêreld nie, nóg
in die komende wêreld.
19 En verder, Ek sê, jy sal nie
doodslaan nie; maar hy wat
doodslaan sal [a]sterf.
20 Jy sal nie [a]steel nie; en hy wat
steel en nie wil bekeer nie sal uit-
gewerp word.
21 Jy sal nie [a]lieg nie; hy wat lieg
en nie wil bekeer nie, sal uitge-
werp word.
22 Jy sal jou vrou [a]liefhê met jou
hele hart, en sal haar [b]aankleef en
niemand anders nie.
23 En hy wat na ′n vrou kyk om
haar te [a]begeer sal die geloof ver-
loën, en sal nie die Gees hê nie; en
as hy nie bekeer nie, sal hy uitge-
werp word.
24 Jy sal nie [a]egbreuk pleeg nie;
en hy wat egbreuk pleeg, en nie
bekeer nie, sal uitgewerp word.
25 Maar hy wat egbreuk gepleeg
het en [a]bekeer met sy hele hart, en
dit versaak, en dit nie weer doen
nie, sal jy [b]vergewe.
26 Maar as hy dit [a]weer doen, sal
hy nie vergewe word nie, maar
sal uitgewerp word.
27 Jy sal nie [a]kwaadspreek van
jou naaste nie, nóg hom enige
skade aandoen.
28 Jy weet dat my wette aan-
gaande hierdie dinge gegee is in
my skrifture; hy wat sondig en nie
bekeer nie, sal [a]uitgewerp word.
29 As jy My [a]liefhet, sal jy My
[b]dien en al my gebooie [c]onderhou.
30 En kyk, jy sal die [a]armes ont-
hou, en van jou besittings [b]toewy
vir hulle [c]onderhoud, dit wat jy
het om met hulle te deel, met ′n
verbond en ′n akte wat nie ver-
breek kan word nie.
31 En in soverre julle van julle
besittings [a]gee aan die [b]armes, sal
julle dit aan My doen; en hulle sal
gelê word voor die [c]biskop van
my kerk en sy raadgewers, twee
van die ouderlinge, of hoëpries-
ters, wat hy sal aanstel of aan-
gestel het en [d]afgesonder het vir
daardie doel.
32 En dit sal gebeur, dat na-
dat hulle voor die biskop van
my kerk gelê is, en nadat hy
hierdie getuienisse ontvang het
aangaande die [a]toewyding van
die besittings van my kerk, dat
hulle nie van die kerk geneem
kan word nie, ooreenkomstig

18 *b* GS Moord.
19 *a* GS Doodstraf.
20 *a* GS Steel.
21 *a* GS Eerlik, Eerlikheid; Lieg.
22 *a* GS Huwelik, Trou; Liefde.
*b* Gén. 2:23–24; Efés. 5:25, 28–33.
23 *a* Matt. 5:28; 3 Ne. 12:28; L&V 63:16. GS Begeerte, Groot; Wellus, Wellustigheid.
24 *a* GS Egbreuk.
25 *a* GS Bekeer, Bekering.
*b* Joh. 8:3–11. GS Vergewe.
26 *a* 2 Petr. 2:20–22; L&V 82:7.
27 *a* GS Skinder.
28 *a* GS Ekskommunikeer.
29 *a* Joh. 14:15, 21.
*b* GS Diens.
*c* GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
30 *a* Mosia 4:16–26; Alma 1:27. GS Armes.
*b* GS Toewy, Wet van Toewyding.
*c* GS Welsyn.
31 *a* Mosia 2:17. GS Aalmoes, Aalmoese Gee.
*b* GS Armes.
*c* GS Biskop.
*d* GS Afsonder.
32 *a* L&V 51:4.

my gebooie, sal elkeen [b]verant-
woordbaar gemaak word voor
My, ′n [c]rentmeester oor sy eie be-
sittings, of dit wat hy ontvang
het deur toewyding, soveel as
wat genoeg is vir hom en sy [d]ge-
sin.
33 En verder, as daar besittings
sal wees in die hande van die
kerk, of enige individue daarvan,
meer as wat nodig is vir hulle on-
derhoud na hierdie eerste toewy-
ding, wat ′n [a]oorblyfsel is, wat
toegewy moet word aan die bis-
kop, sal dit gehou word om te gee
aan diegene wat nie het nie, van
tyd tot tyd, sodat elkeen wat no-
dig het genoegsaam voorsien mag
word en ontvang volgens sy be-
hoeftes.
34 Daarom, die oorblyfsel sal ge-
hou word in my voorraadskuur,
om te gee aan die armes en die
behoeftiges, soos bepaal deur die
hoëraad van die kerk, en die bis-
kop en sy raad;
35 En vir die doel om land te
koop vir die algemene voordeel
van die kerk, en die bou van huise
van aanbidding, en die opbou van
die [a]Nuwe Jerusalem wat hierna
geopenbaar sal word—
36 Sodat my verbondsvolk
versamel mag word in een op
daardie dag wanneer Ek na my
[a]tempel sal [b]kom. En dit doen Ek
vir die heil van my volk.
37 En dit sal gebeur, dat hy wat
sondig en nie bekeer nie, [a]uitge-
werp sal word uit die kerk, en sal
nie weer dit ontvang wat hy [b]toe-
gewy het aan die armes en die be-
hoeftiges van my kerk nie, of met
ander woorde, aan My nie—
38 Want in soverre julle dit
[a]doen aan die geringste van hier-
die, doen julle dit aan My.
39 Want dit sal gebeur, dat dit
wat Ek gespreek het by monde
van my profete sal vervul word;
want Ek sal van die rykdomme
toewy van diegene onder die nie-
Jode wat my evangelie omhels,
aan die armes van my volk wat
van die huis van Israel is.
40 En verder, jy sal nie [a]hoog-
moedig wees in jou hart nie; laat
al jou [b]kleding eenvoudig wees,
en hulle skoonheid, die skoon-
heid van die werk van jou eie
hande;
41 En laat alle dinge gedoen
word in reinheid voor My.
42 Jy sal nie [a]lui wees nie, want
hy wat lui is sal nie die brood eet
nóg die klere dra van die arbeider.
43 En wie ook al onder julle [a]siek
is, en nie geloof het om genees te
word nie, maar glo, sal versorg
word met alle teerheid, met kruie

32*b* L&V 72:3–11. GS Toerekenbaar, Toerekenbaarheid.
*c* GS Rentmeester, Rentmeesterskap.
*d* L&V 51:3.
33*a* L&V 42:55; 51:13; 119:1–3.
35*a* GS Nuwe Jerusalem; Sion.
36*a* L&V 36:8.
*b* Mal. 3:1.
37*a* L&V 41:5; 50:8–9. GS Ekskommunikeer.
*b* GS Toewy, Wet van Toewyding.
38*a* Matt. 25:34–40. GS Naasteliefde; Welsyn.
40*a* Spr. 16:5. GS Hoogmoed.
*b* GS Fatsoenlikheid.
42*a* L&V 68:30–32. GS Lui, Luiheid.
43*a* GS Siek, Siekte.

en ligte kos, en dit nie deur die
hand van die vyand nie.
44 En die ouderlinge van die
kerk, twee of meer, sal geroep
word, en sal bid vir en hulle
[a]hande lê op hulle in my Naam; en
as hulle sterwe, sal hulle [b]sterwe
vir My, en as hulle lewe, sal hulle
lewe vir My.
45 Julle sal [a]saamleef in [b]liefde,
in soverre dat julle sal [c]ween vir
die verlies van hulle wat sterwe,
en meer spesifiek vir diegene wat
geen [d]hoop het op 'n glorieryke
opstanding nie.
46 En dit sal gebeur dat diegene
wat in my sterwe nie die [a]dood
sal smaak nie, want dit sal [b]soet
wees vir hulle;
47 En hulle wat nie in my sterwe
nie, wee hulle, want hulle dood
is bitter.
48 En verder, dit sal gebeur dat
hy wat [a]geloof het in my om [b]ge-
nees te word, en nie [c]bestem is tot
die dood nie, sal genees word.
49 Hy wat geloof het om te sien
sal sien.
50 Hy wat geloof het om te hoor
sal hoor.
51 Die verlamde wat geloof het
om te spring sal spring.
52 En hulle wat nie geloof het
om hierdie dinge te doen nie,
maar in My glo, het krag om my
[a]seuns te word; en in soverre
hulle nie my wette oortree nie,
sal julle hul swakhede [b]dra.
53 Jy sal staan in die plek van
jou [a]rentmeesterskap.
54 Jy sal nie jou broer se kleding-
stuk neem nie; jy sal betaal vir dit
wat jy sal ontvang van jou broer.
55 En as jy meer [a]verkry as wat
jy nodig het vir jou onderhoud,
sal jy dit bring in my [b]voorraad-
skuur, dat alle dinge gedoen mag
word volgens dit wat Ek gesê het.
56 Jy sal vra, en my [a]skrifture sal
gegee word soos Ek aangedui het,
en hulle sal [b]bewaar word in vei-
ligheid;
57 En dit is raadsaam dat jy sal
swyg aangaande hulle, en hulle
nie onderrig nie tot julle hulle ten
volle ontvang het.
58 En Ek gee aan julle 'n gebod
dat julle hulle dan sal onderrig
aan alle mense; want hulle sal
onderrig word aan [a]alle nasies,
stamme, tale en volke.
59 Jy sal die dinge neem wat jy
ontvang het, wat aan jou gegee is
in my skrifture as 'n wet, om my
wet te wees om my kerk te beheer.
60 En hy wat [a]handel volgens

---

44*a* GS Hande, Oplegging van; Salwing van die Siekes.
*b* Rom. 14:8; Openb. 14:13; L&V 63:49.
45*a* 1 Joh. 4:16, 20–21.
*b* GS Liefde.
*c* Alma 28:11–12.
*d* 1 Kor. 15:19–22. GS Hoop.
46*a* GS Dood, Fisiese.
*b* Openb. 14:13.
48*a* L&V 46:19. GS Geloof, Glo.
*b* GS Genees, Genesings.
*c* Pred. 3:1–2; Hand. 17:26; Hebr. 9:27; L&V 122:9.
52*a* GS Seuns en Dogters van God.
*b* Rom. 15:1. GS Bevriend.
53*a* GS Rentmeester, Rentmeesterskap.
55*a* L&V 82:17–19; 119:1–3.
*b* L&V 42:34; 51:13.
56*a* L&V 45:60–61.
*b* GS Skrifture—Waarde van die skrifture.
58*a* L&V 1:2.
60*a* L&V 41:5. GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.

hierdie dinge sal gered word, en hy wat hulle nie doen nie sal [b]verdoem word as hy so aanhou.

61 As jy sal vra, sal jy openbaring op [a]openbaring ontvang, kennis op [b]kennis, sodat jy die [c]verborgenhede en [d]vredige dinge mag weet—dit wat [e]vreugde bring, dit wat die ewige lewe bring.

62 Jy sal vra, en dit sal geopenbaar word aan jou in my eie bepaalde tyd waar die [a]Nuwe Jerusalem gebou sal word.

63 En kyk, dit sal gebeur dat my diensknegte uitgestuur sal word na die ooste en na die weste, na die noorde en na die suide.

64 En selfs nou, laat hom wat gaan na die ooste hulle onderrig wat bekeer sal word om te vlug na die [a]weste, en dit as gevolg van dit wat kom oor die aarde, en vanweë [b]geheime organisasies.

65 Kyk, jy sal al hierdie dinge onderhou, en groot sal jou loon wees; want aan julle is gegee om die verborgenhede van die koninkryk te ken, maar aan die wêreld is dit nie gegee om hulle te ken nie.

66 Julle sal die wette onderhou wat julle ontvang het en getrou wees.

67 En julle sal hierna [a]kerkverbonde ontvang, wat voldoende sal wees om julle te vestig, beide hier en in die Nuwe Jerusalem.

68 Daarom, hy wat [a]wysheid kortkom, laat hom vir My vra, en Ek sal hom mildelik gee en hom nie verwyt nie.

69 Hef op julle harte en verbly julle, want aan julle is die [a]koninkryk, of met ander woorde, die [b]sleutels van die kerk gegee. Dit is so. Amen.

70 Die [a]priesters en [b]leraars sal hulle [c]rentmeesterskappe hê, net soos die ander lede.

71 En die ouderlinge of hoëpriesters wat aangestel word om die biskop by te staan as raadgewers in alle dinge, moet ondersteuning vir hulle families ontvang uit die besittings wat [a]toegewy is aan die biskop, tot die voordeel van die armes, en vir ander doeleindes, soos voorheen gemeld.

72 Of hulle moet ʼn billike vergoeding ontvang vir al hulle dienste, of ʼn rentmeesterskap of andersins, soos goedgedink of besluit deur die raadgewers en die biskop.

73 En die biskop, ook, sal sy onderhoud ontvang, of ʼn billike

60 *b* Moses 5:15. GS Verdoemenis.
61 *a* GS Openbaring.
*b* Abr. 1:2. GS Getuienis; Kennis.
*c* L&V 63:23. GS Verborgenhede van God.
*d* L&V 39:6.
*e* GS Vreugde.
62 *a* L&V 57:1–5.
64 *a* L&V 45:64.
*b* GS Geheime Organisasies.
67 *a* L&V 82:11–15.
68 *a* Jak. 1:5. GS Wysheid.
69 *a* GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
*b* Matt. 16:19; L&V 65:2. GS Sleutels van die Priesterskap.
70 *a* GS Priester, Aäroniese Priesterskap.
*b* GS Leraar, Aäroniese Priesterskap.
*c* GS Rentmeester, Rentmeesterskap.
71 *a* GS Toewy, Wet van Toewyding.

vergoeding vir al sy dienste in die kerk.

74 Kyk, voorwaar, Ek sê vir julle, dat watter persone onder julle, wat hul metgeselle geskei het vanweë [a]ontug, of met ander woorde, as hulle sal getuig voor julle in alle nederigheid van hart dat dit die geval is, sal julle hulle nie uitwerp onder julle nie.

75 Maar as julle sal uitvind dat enige persone hul metgeselle verlaat het vanweë [a]egbreuk, en hulle self is die oortreders, en hul metgeselle lewe, sal hulle [b]uitgewerp word onder julle.

76 En verder, Ek sê vir julle, dat julle [a]waaksaam en versigtig sal wees, met deeglike navrae, sodat julle nie sulke mense ontvang onder julle as hulle getroud is nie;

77 En as hulle nie getroud is nie, sal hulle bekeer van al hulle sondes andersins sal julle hulle nie ontvang nie.

78 En verder, elke persoon wat behoort aan hierdie kerk van Christus, sal poog om al die gebooie en verbonde van die kerk te onderhou.

79 En dit sal gebeur, dat indien enige persone onder julle sal [a]doodslaan, sal hulle uitgelewer word en mee gehandel word volgens die wette van die land; want onthou dat hy geen vergifnis het nie; en dit sal bewys word ooreenkomstig die wette van die land.

80 En indien enige man of vrou egbreuk sal pleeg, sal hy of sy verhoor word deur twee ouderlinge van die kerk, of meer, en elke woord sal bevestig word teen hom of haar deur twee getuies van die kerk, en nie van die vyand nie; maar indien daar meer as twee getuies is, is dit beter.

81 Maar hy of sy sal veroordeel word by monde van twee getuies; en die ouderlinge sal die saak voor die kerk lê, en die kerk sal hulle hande ophef teen hom of haar, sodat daar met hulle gehandel mag word volgens die wet van God.

82 En indien moontlik, is dit noodsaaklik dat die biskop ook teenwoordig moet wees.

83 En so sal julle doen in alle sake wat voor julle sal kom.

84 En indien ′n man of ′n vrou sal roof, sal hy of sy uitgelewer word aan die wet van die land.

85 En as hy of sy sal [a]steel, sal hy of sy uitgelewer word aan die wet van die land.

86 En as hy of sy sal [a]lieg, sal hy of sy uitgelewer word aan die wet van die land.

87 En indien hy of sy enige soort ongeregtigheid pleeg, sal hy of sy uitgelewer word aan die wet, naamlik dié van God.

88 En indien jou [a]broer of suster [b]teen jou sondig, sal jy hom of haar neem tussen hom of haar en

74*a* GS Ontug; Seksuele Onsedelikheid.
75*a* GS Egbreuk.
*b* GS Ekskommunikeer.
76*a* GS Waak, Wagte.
79*a* GS Moord.
85*a* GS Steel.
86*a* GS Eerlik, Eerlikheid; Lieg.
88*a* GS Broers; Suster.
*b* Matt. 18:15–17.

jou alleen; en indien hy of sy [c]bely, sal julle versoen word.

89 En as hy of sy nie bely nie, sal jy hom of haar oorlewer aan die kerk, nie aan die lede nie, maar aan die ouderlinge. En dit sal gedoen word in ʼn vergadering, en dit nie voor die wêreld nie.

90 En indien jou broer of suster sondig teen vele, sal hy of sy voor vele [a]getugtig word.

91 En indien enigeen in die openbaar sondig, sal hy of sy in die openbaar bestraf word, sodat hy of sy beskaam mag word. En indien hy of sy nie bely nie, sal hy of sy uitgelewer word aan die wet van God.

92 Indien enigeen in die geheim sondig, sal hy of sy in die geheim bestraf word, sodat hy of sy die geleentheid mag hê om in die geheim te bely aan hom of haar teen wie hy of sy gesondig het, en aan God, sodat die kerk nie verwytend van hom of haar sal spreek nie.

93 En so sal julle handel in alle dinge.

## AFDELING 43

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, in Februarie 1831. Op hierdie tydstip was sommige lede van die Kerk verontrus deur mense wat valslik daarop aanspraak gemaak het dat hulle openbaarders was. Die Profeet het by die Here navraag gedoen en hierdie mededeling ontvang gerig aan die ouderlinge van die Kerk. Die eerste gedeelte handel oor sake betreffende Kerkregering; die laaste gedeelte bevat ʼn waarskuwing wat die ouderlinge moet gee aan die nasies van die aarde.*

*1–7, Openbarings en gebooie kom slegs deur die aangestelde een; 8–14, Die Heiliges word geheilig deur in alle heiligheid te wandel voor die Here; 15–22, Ouderlinge word uitgestuur om bekering uit te roep en mense voor te berei vir die groot dag van die Here; 23–28, Die Here spreek tot mense deur sy eie stem en deur die kragte van die natuur; 29–35, Die Millennium en die binding van Satan sal kom.*

O SLAAN ag, julle ouderlinge van my kerk, en neig die oor na die woorde wat Ek sal spreek tot julle.

2 Want kyk, voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, dat julle ʼn gebod ontvang het as ʼn [a]wet vir my kerk, deur hom wat Ek aangestel het vir julle om [b]gebooie en openbarings te ontvang uit my hand.

3 En dit sal julle vir seker weet—dat daar geen ander aangestel is

88*c* GS Bely, Belydenis.
90*a* GS Kasty, Kastyding.
**43** 2*a* L&V 42.
*b* GS Gebooie van God; Openbaring.

vir julle om gebooie en openbarings te ontvang nie tot hy geneem word, indien hy in My [a]bly.
4 Maar voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, dat [a]niemand anders aangestel sal word tot hierdie gawe nie, tensy dit deur hom is; want as dit van hom weggeneem word, sal hy nie krag hê nie, behalwe om ′n ander aan te stel in sy plek.
5 En dit sal ′n wet wees vir julle; dat julle nie die leringe sal ontvang van enigeen wat na julle kom as openbarings of gebooie nie;
6 En dit gee Ek vir julle dat julle nie [a]bedrieg mag word nie, dat julle mag weet dat hulle nie van My is nie.
7 Want voorwaar Ek sê vir julle, dat hy wat [a]geordineer is deur My sal ingaan by die [b]poort en geordineer word soos Ek voorheen vir julle gesê het, om daardie openbarings te onderrig wat julle ontvang het en sal ontvang deur hom vir wie Ek aangestel het.
8 En nou, kyk, Ek gee aan julle ′n gebod, dat wanneer julle bymekaar gekom het, sal julle mekaar [a]onderrig en opbou, dat julle mag weet hoe om op te tree en my kerk te bestuur, hoe om op te tree aangaande die punte van my wet en gebooie, wat Ek gegee het.
9 En so sal julle onderrig word in die wet van my kerk, en [a]geheilig word deur dit wat julle ontvang het, en julle sal julleself verbind om in alle heiligheid voor My te handel—
10 Dat in soverre julle dit doen, heerlikheid [a]toegevoeg sal word tot die koninkryk wat julle ontvang het. In soverre julle dit nie doen nie, sal dit [b]weggeneem word, selfs dit wat julle ontvang het.
11 Verwyder die [a]ongeregtigheid wat onder julle is; heilig julleself voor My;
12 En indien julle die heerlikhede van die koninkryk begeer, stel my dienskneg Joseph Smith, Jr. aan, en [a]ondersteun hom voor My deur die gebed van geloof.
13 En verder, Ek sê vir julle, dat as julle die [a]verborgenhede van die koninkryk begeer, voorsien vir hom kos en klere, en welke ding hy ook al benodig om die werk uit te voer wat Ek hom gebied het.
14 En as julle dit nie doen nie, sal hy bly by hulle wat hom ontvang het, sodat Ek vir Myself ′n [a]rein volk voor My mag bewaar.
15 Verder sê Ek, slaan ag julle

3*a* Joh. 15:4.
4*a* L&V 28:2–3.
6*a* L&V 46:7.
GS Bedrog, Bedrieg, Bedrieër.
7*a* GS Ordineer, Ordinering.
*b* Matt. 7:13–14; 2 Ne. 9:41; 31:9, 17–18; 3 Ne. 14:13–14; L&V 22.
8*a* L&V 88:77.
9*a* GS Heiligmaking.
10*a* Alma 12:10.
*b* Mark. 4:25.
11*a* GS Sonde.
12*a* GS Onderskraging van Kerkleiers.
13*a* GS Verborgenhede van God.
14*a* GS Suiwer, Suiwerheid.

ouderlinge van my kerk, wat Ek aangestel het: Julle word nie uitgestuur om onderrig te word nie, maar om die kinders van mense die dinge te [a]leer wat Ek in julle hande geplaas het deur die krag van my [b]Gees;

16 En julle sal [a]onderrig word van omhoog. [b]Heilig julleself en julle sal [c]begiftig word met krag, sodat julle mag gee net soos Ek gespreek het.

17 Slaan ag julle, want, kyk, die [a]groot [b]dag van die Here is op hande.

18 Want die dag kom wanneer die Here sy [a]stem sal uiter uit die hemel; die hemele sal [b]skud en die aarde sal [c]bewe, en die [d]trompet van God sal klink beide lank en luid, en sal vir die slapende nasies sê: Julle heiliges, [e]staan op en leef; julle sondaars [f]bly en [g]slaap tot Ek weer sal roep.

19 Daarom, omgord julle lendene sodat julle nie gevind word onder die goddelose nie.

20 Verhef julle stemme en hou nie terug nie. Roep die nasies tot bekering, beide oud en jonk, beide slaaf en vry, en sê: Berei julleself voor vir die groot dag van die Here;

21 Want as Ek, wat 'n man is, my stem verhef en tot julle roep om te bekeer, en julle haat My, wat sal julle sê wanneer die dag kom wanneer die [a]donderslae hul stemme sal uiter van die eindes van die aarde, en spreek tot die ore van almal wat lewe, en sê—Bekeer, en berei voor vir die groot dag van die Here?

22 Ja, en verder, wanneer die weerligte sal blits vanaf die ooste tot die weste, en hulle stemme sal uiter tot alles wat lewe, en die ore laat tuit van almal wat hoor en hierdie woorde sê—Bekeer julle, want die groot dag van die Here het gekom?

23 En verder, die Here sal sy stem uiter vanuit die hemel, en sê: Slaan ag, o julle nasies van die aarde, en hoor die woorde van daardie God wat julle gemaak het.

24 O, julle nasies van die aarde, hoe dikwels wou Ek julle bymekaarmaak soos 'n [a]hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar julle [b]wou nie!

25 Hoe dikwels het Ek julle [a]geroep by monde van my [b]diensknegte, en deur die [c]bediening

15 *a* GS Sendingwerk.
*b* GS Onderrig, Onderwyser—Onderrig met die Gees.
16 *a* GS Inspirasie, Inspireer.
*b* GS Heiligmaking.
*c* Lk. 24:49; L&V 38:32; 95:8–9; 110:8–10.
17 *a* Mal. 4:5; L&V 2:1; 34:6–9.
*b* L&V 29:8. GS Tweede Koms van Jesus Christus.
18 *a* Joël 2:11; L&V 133:50.
*b* Joël 2:10; 3:16; L&V 45:48.
*c* L&V 88:87.
*d* L&V 29:13; 45:45.
*e* GS Opstanding.
*f* L&V 76:85; 88:100–101.
*g* Morm. 9:13–14.
21 *a* 2 Ne. 27:2; L&V 88:90.
24 *a* Matt. 23:37; 3 Ne. 10:4–6.
*b* GS Rebellie.
25 *a* Hel. 12:2–4.
*b* Matt. 23:34. GS Profeet.
*c* L&V 7:6; 130:4–5.

van engele, en deur my eie stem,
en deur die stem van donderslae,
en deur die stem van weerligte,
en deur die stem van storms, en
deur die stem van aardbewings,
en groot haelstorms, en deur die
stem van [d]hongersnood en alle
soorte pestilensies, en deur die
groot klank van ′n trompet, en
deur die stem van oordeel, en
deur die stem van [e]barmhartig-
heid die hele dag lank, en deur
die stem van heerlikheid en eer
en die rykdomme van die ewige
lewe, en wou julle red met ′n
[f]ewigdurende heil, maar julle
wou nie!
26 Kyk, die dag het gekom, wan-
neer die beker van my toorn vol
geraak het.
27 Kyk, voorwaar Ek sê vir julle,
dat hierdie die woorde is van die
Here jul God.
28 Daarom, arbei julle, [a]arbei
julle in my wingerd vir die laaste
keer—roep vir die laaste keer tot
die inwoners van die aarde.
29 Want in my eie bepaalde tyd
sal Ek na die aarde [a]kom in oor-
deel, en my volk sal verlos word
en sal heers op die aarde saam
met my.
30 Want die groot [a]Millennium,
waarvan Ek gespreek het by
monde van my diensknegte, sal
kom.
31 Want [a]Satan sal [b]gebind
word, en wanneer hy weer los-
gelaat word, sal hy slegs heers vir
′n [c]kort tydperk, en dan kom die
[d]einde van die aarde.
32 En hy wat in [a]regverdigheid
lewe, sal [b]verander word binne ′n
oogwink, en die aarde sal verby-
gaan soos deur vuur.
33 En die bose sal heengaan in ′n
onblusbare [a]vuur, en geen mens
op aarde weet hulle einde nie,
nóg sal hy ooit weet, totdat hulle
voor My kom in [b]oordeel.
34 Slaan julle ag op hierdie
woorde. Kyk, Ek is Jesus Chris-
tus, die [a]Saligmaker van die wê-
reld. [b]Bewaar hierdie dinge in
julle harte, en laat die [c]plegtig-
hede van die ewigheid in julle
[d]verstand [e]rus.
35 Wees [a]ernstig. Onderhou al
my gebooie. Dit is so. Amen.

25 *d* Jer. 24:10; Amos 4:6; L&V 87:6; JS—M 1:29.
*e* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
*f* GS Ewige Lewe; Heil; Onsterflik, Onsterflikheid.
28 *a* Jakob 5:71; L&V 33:3. GS Wingerd van die Here.
29 *a* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
30 *a* GS Millennium.
31 *a* 1 Ne. 22:26. GS Duiwel.
*b* L&V 45:55; 84:100; 88:110.
*c* Openb. 20:3; Jakob 5:77; L&V 29:22.
*d* GS Wêreld—Einde van die wêreld.
32 *a* GS Regverdigheid, Regverdig.
*b* 1 Kor. 15:51–52; L&V 63:51; 101:31. GS Opstanding.
33 *a* Matt. 3:12.
*b* GS Jesus Christus—Regter.
34 *a* GS Saligmaker.
*b* JS—M 1:37.
*c* L&V 84:61; 100:7–8.
*d* GS Peins.
*e* GS Verstand.
35 *a* Rom. 12:3; L&V 18:21.

# AFDELING 44

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet en Sidney Rigdon, te Kirtland, Ohio, in die laaste gedeelte van Februarie 1831. Ooreenkomstig die vereiste hierin uiteengesit het die Kerk ’n konferensie belê om gehou te word vroeg in die daaropvolgende Juniemaand.*

*1–3, Ouderlinge moet byeenkom in konferensie; 4–6, Hulle moet organiseer volgens die wette van die land en moet na die armes omsien.*

Kyk, so sê die Here aan julle my diensknegte, dit is raadsaam in My dat die ouderlinge van my kerk byeengeroep moet word, van die ooste en die weste, en van die noorde en van die suide, per brief of ’n ander wyse.
2 En dit sal gebeur, dat in soverre hulle getrou is, en geloof beoefen in My, sal Ek my [a]Gees uitstort oor hulle op die dag wat hulle hulself byeen vergader.
3 En dit sal gebeur dat hulle sal uitgaan in die streke rondomheen, en bekering [a]predik tot die volk.
4 En vele sal [a]bekeer word, in soverre dat julle mag sal verkry om julleself te organiseer [b]volgens die wette van die mens;
5 Sodat julle [a]vyande nie mag oor julle kan hê nie; sodat julle bewaar mag word in alle dinge; sodat julle in staat gestel mag word om my wette te onderhou; sodat elke band verbreek mag word waarmee die vyand poog om my volk te vernietig.
6 Kyk, Ek sê vir julle, dat julle die armes en die behoeftiges moet [a]besoek en in hulle behoeftes voorsien, sodat hulle bewaar mag word totdat alles gedoen mag word volgens my wet wat julle ontvang het. Amen.

# AFDELING 45

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan die Kerk, te Kirtland, Ohio, 7 Maart 1831. As voorwoord tot die verslag van hierdie openbaring, verklaar Joseph Smith se geskiedenis dat “op hierdie stadium van die Kerk . . . is baie valse verslae . . . en dwase stories, gepubliseer . . . en versprei . . . om mense te verhoed om ondersoek in te stel na die werk, of om die geloof te omhels . . . Maar tot die vreugde van die Heiliges . . . het ek die volgende ontvang.”*

*1–5, Christus is ons Voorspraak by die Vader; 6–10, Die evangelie is ’n boodskapper om die weg vir die Here voor te berei; 11–15, Henog en*

**44** 2*a* Hand. 2:17.
3*a* GS Preek.
4*a* GS Bekeer, Bekering.
*b* L&V 98:5–7.
5*a* 2 Ne. 4:33.
6*a* Jak. 1:27. GS Medelye; Welsyn.

*sy broers is deur die Here ontvang tot Homself; 16–23, Christus het tekens van sy koms geopenbaar soos gegee op die Olyfberg; 24–38, Die evangelie sal herstel word, die tye van die nie-Jode sal vervul word, en ʼn vernietigende siekte sal die land oordek; 39–47, Tekens, wonders en die Opstanding sal die Tweede Koms vergesel; 48–53, Christus sal op die Olyfberg staan en die Jode sal die wonde in sy hande en voete sien; 54–59, Die Here sal heers gedurende die Millennium; 60–62, Die Profeet word opdrag gegee om die vertaling van die Nuwe Testament te begin, waardeur belangrike inligting bekendgemaak sal word; 63–75, Die Heiliges word gebied om te versamel en die Nuwe Jerusalem te bou, waarheen mense van alle nasies sal kom.*

Slaan ag, o julle volk van my
[a]kerk, aan wie die [b]koninkryk ge-
gee is; slaan ag julle, en neig die
oor na hom wat die grondslag van
die aarde gelê het, wat die hemele
en al die leërskare daarvan [c]ge-
maak het, en deur wie alle dinge
gemaak is wat leef, en beweeg,
en bestaan.
2 En weer sê Ek, slaan ag op my
stem, sodat die [a]dood jou nie oor-
val nie; op ʼn [b]uur wanneer julle
dink dat die somer nog nie verby
is nie, en die [c]oes beëindig is, en
julle siele nie gered is nie.
3 Luister na Hom wat die [a]voor-
spraak by die Vader is, wat julle
saak bepleit voor Hom—
4 En sê: Vader, aanskou die [a]ly-
ding en dood van Hom wat geen
[b]sonde gedoen het nie, in wie U
ʼn welbehae gehad het; aanskou
die bloed van u Seun wat gestort
is, die bloed van Hom wat U ge-
gee het sodat Uself [c]verheerlik
mag word;
5 Daarom, Vader, spaar hierdie
my broers wat [a]glo in my Naam,
sodat hulle na My mag kom en
die [b]ewigdurende lewe mag hê.
6 Slaan ag, o julle volk van my
kerk, en julle ouderlinge, luister
tesame, en hoor my stem terwyl
dit [a]vandag genoem word, en ver-
hard nie julle harte nie.
7 Want voorwaar, Ek sê vir julle
dat Ek [a]Alfa en Omega is, die be-
gin en die einde, die lig en die
lewe van die wêreld—ʼn [b]lig wat
skyn in die duisternis en die duis-
ternis begryp dit nie.
8 Ek het na my eie gekom, en my
eie het My nie ontvang nie; maar
aan soveel as wat My ontvang
het, het Ek [a]krag gegee om vele
[b]wonderwerke te doen, en om die

**45** 1*a* GS Kerk van Jesus Christus.
*b* L&V 50:35.
*c* Jer. 14:22; 3 Ne. 9:15; L&V 14:9. GS Skep, Skepping.
2*a* Alma 34:33–35.
*b* Matt. 24:44.
*c* Jer. 8:20; L&V 56:16. GS Oes.
3*a* L&V 62:1. GS Voorspraak.
4*a* L&V 19:18–19. GS Versoen, Versoening.
*b* Hebr. 4:15.
*c* Joh. 12:28.
5*a* L&V 20:25; 35:2; 38:4.
*b* Joh. 3:16.
6*a* Hebr. 3:13; L&V 64:23–25.
7*a* Openb. 1:8; 21:6; L&V 19:1.
*b* Joh. 1:5.
8*a* Matt. 10:1. GS Krag.
*b* GS Wonderwerk.

[c]seuns van God te word, naamlik aan hulle wat in my Naam [d]geglo het, het Ek krag gegee om die [e]ewige lewe te verkry.

9 En net so het Ek my [a]ewigdurende [b]verbond die wêreld ingestuur, om ′n lig te wees vir die wêreld, en om ′n [c]standaard te wees vir my volk, en vir die [d]nie-Jode om daarvoor te soek, en om ′n [e]boodskapper te wees voor my aangesig, om die weg vir My voor te berei.

10 Daarom, kom julle daarheen, en met hom wat kom, sal Ek redeneer soos met mense in die dae van ouds, en Ek sal aan julle my [a]sterk redenasie toon.

11 Daarom, julle, slaan ag tesame en laat My aan julle ook my wysheid toon—die wysheid van hom wat julle sê is die God van [a]Henog, en sy broers,

12 Wat [a]afgeskei is van die aarde, en ontvang is deur Myself—′n [b]stad wat teruggehou word tot ′n dag van regverdigheid sal kom—′n dag waarna gesoek is deur alle heilige manne, en hulle het dit nie gevind nie vanweë boosheid en gruwels;

13 En bely het dat hulle [a]vreemdelinge en pelgrims was op die aarde;

14 Maar ′n [a]belofte verkry het dat hulle dit sou vind en dit sien in hul vlees.

15 Daarom, slaan ag en Ek sal redeneer met julle, en Ek sal tot julle spreek en profeteer, soos tot mense in die dae van ouds.

16 En Ek sal dit duidelik [a]toon soos Ek dit getoon het aan my dissipels toe Ek voor hulle gestaan het in die vlees, en vir hulle gesê het: Aangesien julle van My gevra het aangaande die [b]tekens van my koms, op die dag wanneer Ek sal kom in my heerlikheid op die wolke van die hemel, om die beloftes te vervul wat Ek gemaak het aan jul vaders,

17 Want aangesien julle die lang [a]afwesigheid van julle [b]geeste van jul liggame beskou het as slawerny, sal Ek aan julle toon hoe die dag van verlossing sal kom, en ook die [c]herstelling van die [d]verstrooide Israel.

18 En nou aanskou julle hierdie tempel wat in Jerusalem is, wat julle die huis van God noem, en julle vyande sê dat hierdie huis nooit sal val nie.

---

8*c* GS Seuns en Dogters van God.
*d* GS Geloof, Glo.
*e* L&V 14:7.
9*a* GS Nuwe en Ewigdurende Verbond.
*b* Jer. 31:31–34; Morm. 5:20.
*c* 2 Ne. 29:2.
*d* Jes. 42:6; 2 Ne. 10:9–18.
*e* Mal. 3:1.
10*a* Jes. 41:21; L&V 50:10–12.
11*a* Moses 7:69.
12*a* JSV Gén. 14:30–34 (Bylae); L&V 38:4; Moses 7:21.
*b* Moses 7:62–64. GS Sion.
13*a* Hebr. 11:13; 1 Petr. 2:11.
14*a* Hebr. 11:8–13; Moses 7:63.
16*a* Matt. 24; Lk. 21:7–36; JS—M 1.
*b* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
17*a* L&V 138:50.
*b* GS Gees.
*c* GS Israel—Die versameling van Israel.
*d* 1 Ne. 10:12–14. GS Israel—Die verstrooiing van Israel.

19 Maar, voorwaar Ek sê vir julle, dat verlatenheid sal kom oor hierdie geslag soos ʹn dief in die nag, en hierdie volk sal vernietig en verstrooi word onder alle nasies.

20 En hierdie tempel wat julle nou sien, sal neergewerp word sodat daar nie een klip op ʹn ander gelaat sal word nie.

21 En dit sal gebeur dat hierdie geslag van Jode nie sal verbygaan voordat elke verlatenheid waarvan Ek julle vertel het aangaande hulle sal gebeur nie.

22 Julle sê dat julle weet dat die [a]einde van die wêreld kom; julle sê ook dat julle weet dat hemele en die aarde sal verbygaan;

23 En hierin sê julle waarlik, want so is dit; maar hierdie dinge wat Ek vir julle vertel het sal nie verbygaan totdat alles vervul sal word nie.

24 En dit het Ek julle vertel aangaande Jerusalem; en wanneer daardie dag sal kom, sal ʹn [a]oorblyfsel verstrooi word onder alle nasies;

25 Maar hulle sal weer [a]versamel word; maar hulle sal vertoef tot die tye van die [b]nie-Jode vervul word.

26 En in [a]daardie dag sal gehoor word van [b]oorloë en gerugte van oorloë, en die hele aarde sal in beroering wees, en mense se harte sal hulle [c]faal, en hulle sal sê dat Christus sy koms [d]vertraag tot die einde van die aarde.

27 En die liefde van mense sal verkoel, en ongeregtigheid sal oorvloedig wees.

28 En wanneer die tye van die [a]nie-Jode aangebreek het, sal ʹn [b]lig deurbreek onder hulle wat in die duisternis sit, en dit sal die volheid van my evangelie wees;

29 Maar hulle [a]ontvang dit nie; want hulle bemerk nie die lig nie, en hulle draai hulle [b]harte teen My vanweë die [c]leringe van mense.

30 En in daardie geslag sal die tye van die nie-Jode vervul word.

31 En daar sal mense staan in daardie geslag, wat nie sal sterf tot hulle ʹn oorvloedige [a]gésel sien nie; want ʹn vernietigende siekte sal die land oordek.

32 Maar my dissipels sal [a]staan in heilige plekke, en sal nie wankel nie; maar onder die goddelose sal mense hulle stemme verhef en God [b]vervloek en sterf.

33 En daar sal ook [a]aardbewings wees in verskillende plekke, en vele verwoestings; tog sal mense hulle harte verhard teen my, en hulle sal die [b]swaard opneem, die

22*a* GS Wêreld—Einde van die wêreld.
24*a* 2 Ne. 25:15.
25*a* Neh. 1:9; Jes. 11:12–14; 1 Ne. 22:10–12; 2 Ne. 21:12–14.
*b* Lk. 21:24.
26*a* GS Laaste Dae.
*b* L&V 87; JS—M 1:23.
*c* Lk. 21:26.
*d* 2 Petr. 3:3–10.
28*a* 1 Ne. 15:13.
*b* GS Herstelling van die Evangelie; Lig, Lig van Christus.
29*a* Joh. 1:5.
*b* Matt. 15:8–9.
*c* L&V 3:6–8; 46:7; JS—G 1:19.
31*a* L&V 5:19–20; 97:22–25.
32*a* L&V 101:21–22, 64.
*b* Openb. 16:11, 21.
33*a* L&V 43:18; 88:87–90.
*b* L&V 63:33.

een teen die ander, en hulle sal
mekaar doodmaak.
34 En nou, toe Ek die Here hier-
die woorde tot my dissipels ge-
spreek het, was hulle verontrus.
35 En Ek het vir hulle gesê: Wees
nie [a]verontrus nie, want, wanneer
al hierdie dinge gebeur, sal julle
weet dat die beloftes wat gemaak
is aan julle vervul sal word.
36 En wanneer die lig begin om
deur te breek, sal dit met hulle
wees soos ′n gelykenis wat Ek
julle sal toon—
37 Julle kyk en aanskou die [a]vye-
bome, en julle sien hulle met julle
oë, en julle sê dat wanneer hulle
begin bot, en hulle blare nog sag
is, dat die somer nou op hande is;
38 Net so sal dit wees op daar-
die dag wanneer hulle al hierdie
dinge sal sien, dan sal hulle weet
dat die uur naby is.
39 En dit sal gebeur dat hy wat
My [a]vrees, sal [b]uitsien na die
groot [c]dag van die Here om te
kom, naamlik vir die [d]tekens van
die koms van die [e]Seun van die
Mens.
40 En hulle sal tekens en won-
ders sien, want hulle sal getoon
word bo in die hemele, en op die
aarde benede.
41 En hulle sal bloed, en [a]vuur
en rookmis aanskou.
42 En voor die dag van die Here
sal kom, sal die [a]son verdonker
word, en die maan in bloed ver-
ander word, en die sterre val uit
die hemel.
43 En die oorblyfsel sal versamel
word na hierdie plek;
44 En dan sal hulle My soek, en,
kyk, Ek sal kom; en hulle sal My
sien in die wolke van die hemel,
beklee met krag en groot [a]heerlik-
heid; met al die heilige engele; en
hy wat nie op My [b]wag nie, sal af-
gesny word.
45 Maar voor die arm van die
Here sal neerkom, sal ′n engel
sy [a]trompet blaas, en die heili-
ges wat geslaap het sal te voor-
skyn [b]kom om My te ontmoet in
die [c]wolk.
46 Daarom, as julle in [a]vrede ge-
slaap het, geseënd is julle; want
soos julle My nou aanskou en
weet dat Ek is, net so sal julle na
My [b]kom en julle siele sal [c]lewe,
en julle verlossing sal vervolmaak
wees; en die heiliges sal te voor-
skyn kom van die vier hoeke van
die aarde.
47 Dan sal die [a]arm van die Here
neerkom op die nasies.

35*a* Matt. 24:6.
37*a* Mark. 13:28; Lk. 21:29–31.
39*a* L&V 10:55–56. GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid; Vrees—Vrees vir God.
*b* 2 Petr. 3:10–13; L&V 35:15–16; Moses 7:62.
*c* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
*d* GS Tekens van die Tye.
*e* GS Seun van die Mens.
41*a* L&V 29:21; 97:25–26.
42*a* Joël 2:10; Openb. 6:12; L&V 88:87; 133:49.
44*a* GS Jesus Christus—Heerlikheid van Jesus Christus.
*b* Matt. 24:43–51; Mark. 13:32–37.
45*a* L&V 29:13; 43:18.
*b* L&V 88:96–97. GS Opstanding.
*c* 1 Thes. 4:16–17.
46*a* Alma 40:12.
*b* Jes. 55:3.
*c* GS Ewige Lewe.
47*a* L&V 1:12–16.

48 En dan sal die Here sy voet op hierdie [a]berg plaas, en dit sal in twee skeur, en die aarde sal [b]bewe, en heen en weer waggel, en die hemele [c]sal ook skud.

49 En die Here sal sy stem uiter, en al die eindes van die aarde sal dit hoor; en die nasies van die aarde sal [a]rouklaag, en hulle wat gelag het sal hul dwaasheid sien.

50 En rampspoed sal die spotter bedek, en die minagter sal verteer word; en hulle wat op soek was na ongeregtigheid sal afgekap word en in die vuur gewerp word.

51 En dan sal die [a]Jode na My [b]kyk en sê: Wat is hierdie wonde in u hande en in u voete?

52 Dan sal hulle weet dat Ek die Here is; want Ek sal vir hulle sê: Hierdie wonde is die wonde waarmee Ek [a]gewond is in die huis van my vriende. Ek is Hy wat opgehef was. Ek is Jesus wat [b]gekruisig was. Ek is die Seun van God.

53 En dan sal hulle [a]ween vanweë hul ongeregtighede; dan sal hulle weeklaag omdat hulle hul [b]koning vervolg het.

54 En dan sal die [a]heidense nasies verlos word, en hulle wat geen wet geken het nie sal deel hê in die eerste [b]opstanding; en dit sal [c]draaglik wees vir hulle.

55 En [a]Satan sal [b]gebind word, sodat hy geen plek sal hê in die harte van die kinders van mense nie.

56 En op daardie [a]dag, wanneer Ek sal kom in my heerlikheid, sal die gelykenis wat Ek gespreek het aangaande die tien [b]maagde, vervul word.

57 Want hulle wat wys is en die [a]waarheid ontvang het, en die Heilige Gees geneem het as hul [b]gids, en nie [c]bedrieg is nie—voorwaar Ek sê vir julle, hulle sal nie afgekap word en in die [d]vuur gewerp word nie, maar sal die dag verduur.

58 En die [a]aarde sal aan hulle gegee word vir ’n [b]erfenis; en hulle sal vermenigvuldig en sterk word, en hulle kinders sal [c]grootword sonder sonde tot [d]heil.

59 Want die Here sal in hulle [a]midde wees, en sy heerlikheid sal oor hulle wees, en Hy sal hulle koning wees en hul [b]wetgewer.

60 En nou, kyk, Ek sê vir jou, dit sal nie aan jou gegee word om meer te weet aangaande hierdie

48 *a* Sag. 14:4.
*b* L&V 43:18; 88:87.
*c* Joël 3:16; L&V 49:23.
49 *a* L&V 87:6.
51 *a* GS Jode.
*b* Sag. 12:10.
52 *a* Sag. 13:6.
*b* GS Kruisiging.
53 *a* Openb. 1:7.
*b* Lk. 23:38; Joh. 19:3, 14–15.
54 *a* Eség. 36:23; 39:21.
*b* GS Opstanding.
*c* L&V 75:22.
55 *a* GS Duiwel.
*b* Openb. 20:2; 1 Ne. 22:26; L&V 43:31; 88:110.
56 *a* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
*b* Matt. 25:1–13; L&V 63:54.
57 *a* GS Waarheid.
*b* GS Heilige Gees.
*c* JS—M 1:37.
*d* L&V 29:7–9; 63:34; 64:23–24; 101:22–25.
58 *a* GS Millennium.
*b* Matt. 5:5.
*c* L&V 63:51; 101:29–31.
*d* GS Heil.
59 *a* L&V 29:11; 104:59.
*b* Gén. 49:10; Sag. 14:9; L&V 38:21–22.

hoofstuk, totdat die [a]Nuwe Testament vertaal is nie, en daarin sal al hierdie dinge bekendgemaak word;

61 Daarom gee Ek aan jou dat jy dit nou mag vertaal, sodat jy voorbereid mag wees vir die komende dinge.

62 Want voorwaar Ek sê vir julle, dat groot dinge op julle wag.

63 Julle hoor van [a]oorloë in vreemde lande; maar kyk, Ek sê vir julle, hulle is naby, en wel voor julle deure, en nie vele jare van nou af nie sal julle hoor van oorloë in jul eie lande.

64 Daarom Ek, die Here, het gesê, kom julle bymekaar uit die [a]oostelike landstreke, versamel julleself tesame julle ouderlinge van my kerk, gaan julle uit in die westelike landstreke, roep die inwoners tot bekering, en in soverre hul wel bekeer, bou kerke op vir My.

65 En met een hart en met een verstand, maak julle rykdomme bymekaar sodat julle 'n erfenis mag [a]koop wat hierna aan julle toegewys sal word.

66 En dit sal die [a]Nuwe Jerusalem genoem word, 'n [b]land van [c]vrede, 'n stad van [d]toevlug, 'n plek van veiligheid vir die heiliges van die Allerhoogste God;

67 En die [a]heerlikheid van die Here sal daar wees, en die verskrikking van die Here sal ook daar wees, in soverre dat die bose nie daarheen sal gaan nie, en dit sal Sion genoem word.

68 En dit sal gebeur onder die bose, dat elke mens wat nie sy swaard sal opneem teen sy naaste nie, noodwendig moet vlug na Sion vir veiligheid.

69 En daarheen sal vanuit elke nasie onder die hemel [a]versamel; en dit sal die enigste volk wees wat nie oorlog sal voer teen mekaar nie.

70 En daar sal onder die bose gesê word: Laat ons nie optrek in stryd teen Sion nie, want die inwoners van Sion is verskriklik; daarom kan ons nie staande bly nie.

71 En dit sal gebeur dat die regverdiges uitgesoek sal word onder alle nasies, en sal kom na Sion, en liedere van ewigdurende vreugde sing.

72 En nou sê Ek vir julle, keer dat daardie dinge nie uitgaan na die wêreld tot dit raadsaam is in My nie, sodat julle hierdie werk mag voltooi in die oë van die volk, en in die oë van julle vyande, sodat hulle nie mag weet van julle werke totdat julle die

60 *a* GS Joseph Smith Vertaling (JSV). Sien ook Seleksies vanuit die Joseph Smith-vertaling van die Bybel.
63 *a* L&V 38:29; 87:1–5; 130:12.
64 *a* L&V 42:64.
65 *a* L&V 63:27.
66 *a* Ether 13:5–6; Moses 7:62; Gel. Art. 1:10. GS Nuwe Jerusalem; Sion.
*b* L&V 57:1–3.
*c* GS Vrede.
*d* Jes. 4:6; L&V 115:6.
67 *a* L&V 64:41–43; 97:15–18. GS Jesus Christus—Heerlikheid van Jesus Christus.
69 *a* Deut. 30:3; Jer. 32:37–39; L&V 33:6.

ding voltooi het wat Ek julle gebied het nie.
73 Sodat wanneer hulle dit sal weet, dat hulle hierdie dinge mag oordink.
74 Want wanneer die Here sal verskyn sal Hy [a]verskriklik wees vir hulle, sodat vrees hulle sal aangryp, en hulle sal ver weg staan en bewe.
75 En alle nasies sal bevrees wees vanweë die verskrikking van die Here, en die krag van sy mag. Dit is so. Amen.

## AFDELING 46

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan die Kerk, te Kirtland, Ohio, 8 Maart 1831. Op hierdie vroeë stadium van die Kerk, het 'n eenvormige patroon vir die leiding van kerkdienste nog nie ontwikkel nie. Nietemin het die gebruik om slegs lede en ernstige ondersoekers toe te laat by nagmaaldienste en ander byeenkomste van die Kerk redelik algemeen geword. Hierdie openbaring druk die wil van die Here uit ten opsigte van die beheer en leiding van vergaderings en sy aanbeveling met betrekking tot die soeke na en die onderskeiding van die gawes van die Gees.*

*1–2, Ouderlinge moet vergaderings lei soos gelei deur die Heilige Gees; 3–6, Soekers na waarheid moet nie uitgesluit word uit nagmaaldienste nie; 7–12, Vra vir God en soek die gawes van die Gees; 13–26, Sommige van hierdie gawes word gelys; 27–33, Kerkleiers word die mag gegee om die gawes van die Gees te onderskei.*

SLAAN ag, o julle volk van my kerk; want voorwaar Ek sê vir julle dat hierdie dinge gespreek is tot julle vir julle [a]voordeel en lering.
2 Maar nieteenstaande daardie dinge wat geskrywe is, is dit altyd gegee aan die [a]ouderlinge van my kerk, vanaf die begin, en sal altyd wees, om alle vergaderings te [b]lei soos hulle gerig en gelei word deur die Heilige Gees.
3 Nietemin, julle word gebied om nooit enigeen uit te [a]werp van julle openbare vergaderings wat gehou word voor die wêreld nie.
4 Julle word ook gebied om niemand wat aan die [a]kerk behoort uit te werp van julle nagmaaldienste nie; nietemin, indien iemand oortree het, laat hom [b]nie gebruik nie tot hy versoening doen.
5 En verder, Ek sê vir julle, julle sal niemand uit julle nagmaal-

74*a* Sef. 2:11.
**46** 1*a* 2 Tim. 3:16–17.
2*a* Alma 6:1.
*b* Moro. 6:9; L&V 20:45.
3*a* 3 Ne. 18:22–25. GS Bevriend.
4*a* GS Kerk van Jesus Christus.
*b* 3 Ne. 18:26–32. GS Nagmaal.

dienste uitwerp wat opreg soek na die koninkryk nie—Ek spreek dit aangaande diegene wat nie van die kerk is nie.

6 En verder, Ek sê vir julle, aangaande julle [a]bevestigingsdienste, dat as daar iemand is wat nie van die kerk is nie, wat opreg soek na die koninkryk, sal julle hulle nie uitwerp nie.

7 Maar julle word gebied in alle dinge om vir God te [a]vra, wat mildelik gee; en dit wat die Gees aan julle getuig, net so wil Ek hê moet julle doen in alle [b]heiligheid van hart, en opreg wandel voor My, [c]bepeinsend oor die uiteinde van julle heil, en alle dinge doen met gebed en [d]danksegging, sodat julle nie [e]verlei mag word deur bose geeste nie, of die leringe van [f]duiwels nie, of die [g]gebooie van mense; want sommige is van mense, en andere van duiwels.

8 Daarom, waak daarteen dat julle nie bedrieg word nie; en sodat julle nie bedrieg mag word nie, [a]soek julle opreg na die beste gawes, en onthou altyd waarom hulle gegee word;

9 Want voorwaar Ek sê vir julle, hulle word gegee tot die voordeel van diegene wat My liefhet en al my gebooie onderhou, en hom wat poog om so te doen; sodat almal mag voordeel kry wat soek of wat van My vra, wat nie vir ′n [a]teken vra sodat hulle hul luste [b]bevredig nie.

10 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, Ek wil dat julle altyd moet onthou, en altyd in [a]gedagte hou wat daardie [b]gawes is, wat gegee word aan die kerk.

11 Want aan almal word nie elke gawe gegee nie; want daar is baie gawes, en aan [a]elke mens word ′n gawe gegee deur die Gees van God.

12 Aan sommiges word een gegee, en aan sommiges word ′n ander gegee, sodat almal daarby mag baat vind.

13 Aan sommiges word dit deur die Heilige Gees gegee om te [a]weet dat Jesus Christus die Seun van God is, en dat Hy gekruisig is vir die sondes van die wêreld.

14 Aan andere word dit gegee om te [a]glo in hulle woorde, sodat hulle ook die ewige lewe mag hê as hulle getrou bly.

15 En verder, aan sommiges word dit deur die Heilige Gees gegee om die [a]verskille van bestuur te ken, soos dit dieselfde Here mag behaag, volgens die Here se wil, en paslik is vir sy barmhartighede volgens die toestande van die kinders van mense.

6*a* DI vir die bevestiging van diegene wat onlangs gedoop is.
7*a* Jak. 1:5–6; L&V 88:63.
*b* GS Heiligheid.
*c* GS Peins.
*d* Ps. 100; Alma 34:38. GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
*e* 1 Tim. 4:1–4; L&V 43:5–7.
*f* GS Duiwel.
*g* L&V 3:6–7; 45:29.
8*a* 1 Kor. 12:31.
9*a* GS Teken.
*b* Jak. 4:3.
10*a* GS Verstand.
*b* 1 Kor. 14:12. GS Gawes van die Gees.
11*a* 1 Kor. 12:4–11.
13*a* GS Getuienis.
14*a* 3 Ne. 12:2. GS Geloof, Glo.
15*a* Moro. 10:8.

16 En verder, dit word gegee deur die Heilige Gees aan sommiges om die verskeidenheid van werkinge te ken, of hulle van God is, sodat die openbarings van die Gees gegee mag word aan elke mens tot sy voordeel.

17 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, aan sommiges word dit gegee, deur die Gees van God, die woord van [a]wysheid.

18 Aan 'n ander word gegee die woord van [a]kennis, sodat almal geleer mag word om wys te wees en om kennis te hê.

19 En verder, aan sommiges word dit gegee om [a]geloof te hê om genees te word.

20 En aan andere word dit gegee om geloof te hê om te [a]genees.

21 En verder, aan sommige word gegee om [a]wonderwerke te verrig;

22 En aan andere word dit gegee om te [a]profeteer;

23 En aan andere die [a]onderskeiding van geeste.

24 En verder, dit word aan sommiges gegee om in [a]tale te spreek;

25 En aan 'n ander word gegee die uitleg van tale.

26 En al hierdie [a]gawes kom van God, tot die voordeel van al die [b]kinders van God.

27 En aan die [a]biskop van die kerk, en aan diegene wat God sal aanstel en ordineer om te waak oor die kerk en om ouderlinge te wees vir die kerk, moet dit aan hulle gegee word om al daardie gawes te [b]onderskei sodat daar nie onder julle iemand sal wees wat voorgee en tog nie van God is nie.

28 En dit sal gebeur dat hy wat vra in die [a]Gees, sal ontvang in die Gees;

29 Sodat aan sommiges daar mag gegee word om al daardie gawes te besit, sodat daar 'n hoof mag wees, sodat elke lid daardeur mag baat.

30 Hy wat [a]vra in die [b]Gees, vra ooreenkomstig die [c]wil van God; daarom word dit gedoen net soos hy vra.

31 En verder, Ek sê vir julle, alle dinge moet gedoen word in die Naam van Christus, wat julle ook al doen in die Gees;

32 En julle moet [a]dank betuig teenoor God in die Gees vir welke seëninge waarmee julle ook al geseën word.

33 En julle moet [a]deug en [b]heiligheid voortdurend voor my beoefen. Dit is so. Amen.

---

17*a* Moro. 10:9. GS Wysheid.
18*a* GS Kennis.
19*a* L&V 42:48–52. GS Geloof, Glo.
20*a* GS Genees, Genesings.
21*a* GS Wonderwerk.
22*a* GS Profesie, Profeteer.
23*a* Moses 1:13–15.
24*a* GS Tale, Gawe van.
26*a* Moro. 10:8–19.
*b* GS Seuns en Dogters van God.
27*a* GS Biskop.
*b* GS Onderskeiding, Gawe van.
28*a* L&V 88:64–65.
30*a* L&V 50:29.
*b* GS Heilige Gees.
*c* 2 Ne. 4:35.
32*a* 1 Kron. 16:8–15; 1 Thes. 1:2; Alma 37:37; L&V 59:7, 21. GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
33*a* GS Deugsaamheid.
*b* GS Heiligheid.

# AFDELING 47

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 8 Maart 1831. John Whitmer, wat alreeds gedien het as ʼn klerk vir die Profeet, het aanvanklik gehuiwer toe hy gevra is om te dien as die Kerkhistorikus en verslaghouer om Oliver Cowdery te vervang. Hy skryf, "Ek sou dit eerder nie wou doen nie maar het besef dat die Here se wil moes geskied, en as Hy dit verlang het, verlang ek dat Hy dit sal openbaar deur Joseph die Siener." Nadat Joseph Smith hierdie openbaring ontvang het, het John Whitmer aanvaar en gedien in sy aangewese amp.*

*1–4, John Whitmer word aangewys om die geskiedenis van die Kerk by te hou en te skryf vir die Profeet.*

Kyk, dit is raadsaam in My dat my dienskneg John moet skryf en ʼn gereelde [a]geskiedenis byhou, en jou bystaan, my dienskneg Joseph om alle dinge wat jou gegee sal word oor te skryf, totdat hy geroep word tot verdere pligte.
2 Verder, voorwaar Ek sê vir jou dat hy ook sy stem mag verhef in vergaderings, wanneer dit ook al raadsaam is.
3 En verder, Ek sê vir jou dat hy aangestel sal word om die kerkverslag en geskiedenis voortdurend by te hou; want Ek het Oliver Cowdery aangestel in ʼn ander amp.
4 Daarom, dit sal aan hom gegee word, in soverre hy getrou is, deur die [a]Trooster, om hierdie dinge te skryf. Dit is so. Amen.

# AFDELING 48

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 10 Maart 1831. Die Profeet het by die Here navraag gedoen oor die wyse waarop te werk gegaan moes word om grond te verkry vir die vestiging van die Heiliges. Dit was ʼn belangrike saak in die lig van die migrasie van lede van die Kerk van die oostelike Verenigde State, in gehoorsaamheid aan die Here se bevel dat hulle moes versamel in Ohio (sien afdelings 37:1–3; 45:64).*

*1–3, Die Heiliges in Ohio moet hulle grond deel met hulle broers; 4–6, Die Heiliges moet grond koop, ʼn stad bou, en die raad van hulle presiderende beamptes volg.*

Dit is noodsaaklik dat julle vir die huidige tyd moet bly in julle woonplekke, soos dit gepas sal wees.
2 En in soverre julle grond het,

**47** 1*a* L&V 69:2–8; 85:1–2.
4*a* GS Heilige Gees; Trooster.

sal julle dit [a]deel met die broers uit die ooste.

3 En in soverre julle nie grond het nie, laat hulle vir die huidige tyd koop in daardie streke rondomheen, soos hulle goeddink, want dit is noodsaaklik dat hulle plekke het om te woon vir die huidige tyd.

4 Dit is noodsaaklik dat julle soveel geld spaar as julle kan, en dat julle in regverdigheid alles wat julle kan bekom, sodat julle mettertyd in staat sal wees om grond te [a]koop vir 'n erfenis, [b]selfs die stad.

5 Die plek sal nog nie geopenbaar word nie; maar nadat jul broers gekom het uit die ooste, sal [a]sekere mans aangestel word, en aan hulle sal dit gegee word om die plek te [b]ken, of aan hulle sal dit geopenbaar word.

6 En hulle sal aangestel word om die grond te koop, en om 'n begin te maak om die fondament van die [a]stad te lê; en dan sal julle begin om versamel te word met julle families, elkeen volgens sy [b]familie, volgens sy omstandighede, en soos aan hom toegewys word deur die presidensie en die biskop van die kerk, volgens die wette en gebooie wat julle ontvang het, en wat julle hierna sal ontvang. Dit is so. Amen.

## AFDELING 49

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan Sidney Rigdon, Parley P. Pratt, en Leman Copley, te Kirtland, Ohio, 7 Mei 1831. Leman Copley het die evangelie omhels, maar het steeds geklou aan sommige van die leringe van die Shakers [Skudders] (United Society of Believers in Christ's Second Appearing [Verenigde Genootskap van Gelowiges in Christus se Tweede Verskyning]), waaraan hy voorheen behoort het. Sommige van die beginsels van die Shakers was dat Christus se Tweede Koms alreeds plaasgevind het en dat Hy verskyn het in die gedaante van 'n vrou, Ann Lee. Hulle het nie doop deur water as noodsaaklik beskou nie. Hulle het die huwelik verwerp en geglo in 'n lewe van algehele onthouding. Sommige Shakers het ook die eet van vleis verbied. In sy voorwoord tot hierdie openbaring verklaar Joseph Smith se geskiedenis, "Om ['n] meer volmaakte begrip te verkry aangaande die saak, het ek by die Here navraag gedoen, en die volgende ontvang." Die openbaring weerlê sommige van die basiese begrippe van die Shaker-groep. Die bogenoemde broers het 'n*

**48** 2*a* GS Welsyn.
4*a* L&V 57:4–5.
*b* L&V 42:35–36; 45:65–67.
5*a* L&V 57:6–8.
*b* L&V 57:1–3.
6*a* GS Nuwe Jerusalem.
*b* L&V 51:3.

*afskrif van die openbaring na die Shaker-gemeenskap geneem (naby Cleveland, Ohio) en dit in sy geheel aan hulle voorgelees, maar dit is verwerp.*

*1–7, Die dag en die uur van Christus se koms sal onbekend bly totdat Hy kom; 8–14, Mense moet bekeer, in die evangelie glo, en die ordinansies gehoorsaam om heil te verkry; 15–16, Die huwelik is geordineer deur God; 17–21, Die eet van vleis word goedgekeur; 22–28, Sion sal floreer en die Lamaniete bloei soos 'n roos voor die Tweede Koms.*

SLAAN ag op my woord, my diensknegte Sidney, en Parley, en Leman; want kyk, voorwaar Ek sê vir julle, dat Ek aan julle 'n gebod gee dat julle sal gaan en my evangelie [a]predik wat julle ontvang het, net soos julle dit ontvang het, aan die Shakers.
2 Kyk, Ek sê vir julle dat hulle begeer om die waarheid gedeeltelik te ken, maar nie alles nie, want hulle is nie [a]reg voor My nie en moet noodwendig bekeer.
3 Daarom, stuur Ek julle, my diensknegte Sidney en Parley, om die evangelie te predik aan hulle.
4 En my dienskneg Leman sal geordineer word vir hierdie werk, sodat hy mag redeneer met hulle, nie volgens dit wat hy van hulle ontvang het nie, maar volgens dit wat hy [a]geleer sal word deur julle my diensknegte; en sodoende sal Ek hom seën, andersins sal hy nie voorspoedig wees nie.
5 So sê die Here; want Ek is God, en het my Eniggebore Seun in die wêreld [a]gestuur vir die [b]verlossing van die wêreld, en het 'n bevel gegee dat hy wat Hom ontvang gered sal word, en hy wat Hom nie ontvang nie, [c]verdoem sal word—
6 En hulle het met die [a]Seun van die Mens gedoen net soos hulle wou; en Hy het sy mag aan die [b]regterhand van sy [c]heerlikheid geneem, en nou heers hy in die hemele, en sal heers tot Hy neerdaal op die aarde om alle vyande [d]onder sy voete te plaas, welke tyd op hande is—
7 Ek, die Here God, het dit gespreek; maar die uur en die [a]dag weet geen mens nie, nóg die engele in die hemel; nóg sal hulle weet totdat Hy kom.
8 Daarom, Ek wil dat alle mense moet bekeer, want almal is onder [a]sonde, behalwe diegene wat Ek vir myself afgesonder het, [b]heilige mans van wie julle nie weet nie.

**49** 1*a* GS Preek.
2*a* Hand. 8:21.
4*a* GS Evangelie; Waarheid.
5*a* Joh. 3:16–17; L&V 132:24. GS Jesus Christus—Gesag.
*b* GS Verlos, Verlossing; Verlosser.
*c* GS Verdoemenis.
6*a* GS Seun van die Mens.
*b* Hand. 7:55–56; L&V 76:20–23.
*c* GS Jesus Christus—Heerlikheid van Jesus Christus.
*d* 1 Kor. 15:25; L&V 76:61.
7*a* Matt. 24:36; Mark. 13:32–37; Openb. 16:15; L&V 133:11.
8*a* Gal. 3:22; Mosia 16:3–5.
*b* Hebr. 13:2; 3 Ne. 28:25–29.

9 Daarom, Ek sê vir julle dat Ek aan julle my ewigdurende [a]verbond gestuur het, naamlik dit wat was vanaf die begin.

10 En dit wat Ek belowe het, het Ek so vervul, en die [a]nasies van die aarde sal [b]buig daarvoor; en, indien nie vanself nie, sal hulle verootmoedig word, want dit wat nou vanself verhef is, sal [c]verlaag word deur mag.

11 Daarom, Ek gee aan julle ′n gebod dat julle [a]uitgaan onder hierdie mense, en aan hulle sê, soos my apostel van ouds, wie se naam Petrus was:

12 Glo in die Naam van die Here Jesus, wat op die aarde was, en sal kom, die begin en die einde;

13 [a]Bekeer en word gedoop in die Naam van Jesus Christus, volgens die heilige gebod, vir die vergifnis van sondes;

14 En wie dit doen sal die [a]gawe van die Heilige Gees ontvang, deur die oplegging van [b]hande van die ouderlinge van die kerk.

15 En verder, voorwaar Ek sê vir julle dat wie [a]verbied om te trou is nie geordineer deur God nie, want die [b]huwelik is geordineer deur God vir die mens.

16 Daarom, dit is wettig dat hy een [a]vrou mag hê, en hulle twee sal [b]een vlees wees, en dit alles sodat die [c]aarde die doel van sy skepping mag vervul.

17 En dat dit gevul mag word met die mate van mense, volgens hul [a]skepping [b]voor die wêreld gemaak was.

18 En wie [a]verbied om van [b]vleis te onthou, dat die mens nie dit moet eet nie, is nie geordineer deur God nie;

19 Want, kyk, die [a]diere van die veld en die voëls van die lug, en dit wat uit die aarde kom, is geordineer vir die gebruik vir die mens vir kos en vir klere, en sodat hy in oorvloed mag hê.

20 Maar dit word nie gegee dat een mens meer mag [a]besit dit wat bo ′n ander is nie, daarom lê die [b]wêreld in sonde.

21 En wee die mens wat bloed [a]vergiet of wat vleis vermors en geen behoefte het nie.

22 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, dat die Seun van die Mens nie [a]kom in die gedaante van ′n vrou nie, nóg van ′n man wat reis op die aarde.

23 Daarom, moet nie [a]bedrieg

9 *a* Gén. 17:7; L&V 66:2. GS Nuwe en Ewigdurende Verbond.
10 *a* Sag. 2:11; L&V 45:66–69; 97:18–21.
*b* Jes. 60:14.
*c* Matt. 23:12.
11 *a* GS Sendingwerk.
13 *a* 3 Ne. 27:19–20.
14 *a* GS Gawe van die Heilige Gees.
*b* GS Hande, Oplegging van.
15 *a* 1 Tim. 4:1–3.
*b* Gén. 2:18, 24; 1 Kor. 11:11. GS Huwelik, Trou.
16 *a* Jakob 2:27–30.
*b* Gén. 2:24; Matt. 19:5–6.
*c* GS Aarde—Geskape vir die mens.
17 *a* Moses 3:4–5. GS Skep, Skepping.
*b* GS Vooraardse Lewe.
18 *a* DI beveel om nie te eet nie.
*b* Gén. 9:3; 1 Tim. 4:1–3.
19 *a* L&V 89:10–13.
20 *a* Hand. 4:32; L&V 51:3; 70:14; 78:6.
*b* GS Wêreldsheid.
21 *a* JSV Gén. 9:10–15 (Bylae).
22 *a* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
23 *a* Matt. 24:4–5.

word nie, maar volhard in standvastigheid, en [b]sien uit na die hemele wat geskud sal word en die aarde wat sal bewe en heen en weer waggel soos ʼn dronk mens, en na die [c]valleie om verhoog te word, en na die [d]berge om verlaag te word, en na die growwe plekke om gelyk te word—en dit alles wanneer die engel sy [e]trompet sal blaas.

24 Maar voor die groot dag van die Here sal kom, sal [a]Jakob floreer in die wildernis, en die Lamaniete sal [b]bloei soos ʼn roos.

25 Sion sal [a]floreer op die [b]heuwels en haar verbly op die berge, en sal versamel word op die plek wat Ek bepaal het.

26 Kyk, Ek sê vir julle, gaan uit soos Ek julle gebied het; bekeer van al julle sondes; [a]vra en julle sal ontvang; klop en dit sal vir julle oopgemaak word.

27 Kyk, Ek sal voor julle uitgaan en jul [a]agterhoede wees; en Ek sal in jul [b]midde wees, en julle sal nie [c]verhinder word nie.

28 Kyk, Ek is Jesus Christus, en Ek kom [a]spoedig. Dit is so. Amen.

## AFDELING 50

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet te Kirtland, Ohio, 9 Mei 1831. Joseph Smith se geskiedenis dui aan dat sommige van die ouderlinge nie die openbaarmaking van geeste op die aarde verstaan het nie en dat hierdie openbaring gegee is in reaksie op sy spesiale navraag omtrent die saak. Sogenaamde geestelike verskynsels was nie ongewoon onder die lede nie, sommige van wie beweer het dat hulle visioene en openbarings ontvang.*

*1–5, Baie valse geeste is op die aarde; 6–9, Wee die huigelaars en diegene wat afgesny word van die Kerk; 10–14, Ouderlinge moet die evangelie predik deur die Gees; 15–22, Beide predikers en hoorders moet verlig word deur die Gees; 23–25, Dit wat nie opbou nie, is nie van God nie; 26–28, Die gelowiges is besitters van alle dinge; 29–36, Die gebede van die gereinigdes word beantwoord; 37–46, Christus is die Goeie Herder en die Rots van Israel.*

SLAAN ag, o julle ouderlinge van my kerk, en neig die oor na die stem van die lewende God; en gee aandag aan die woorde van

23*b* 2 Petr. 3:12; L&V 45:39.
*c* Jes. 40:4; L&V 109:74.
*d* Miga 1:3–4.
*e* Matt. 24:29–31.
24*a* 3 Ne. 5:21–26.
*b* Jes. 35:1; 2 Ne. 30:5–6; 3 Ne. 21:22–25; L&V 3:20; 109:65.
25*a* L&V 35:24.
*b* Gén. 49:26; 2 Ne. 12:2–3.
26*a* L&V 88:63.
27*a* Jes. 52:12.
*b* 3 Ne. 20:22.
*c* 1 Petr. 2:6; L&V 84:116.
28*a* L&V 1:12.

wysheid wat aan julle gegee sal word, ooreenkomstig wat julle gevra het en verenig is rakende die kerk, en die geeste wat uitgegaan het op die aarde.

2 Kyk, voorwaar Ek sê vir julle, dat daar vele geeste is wat [a]valse geeste is, wat uitgegaan het op die aarde, om die wêreld te bedrieg.

3 En ook het [a]Satan gepoog om julle te bedrieg, sodat hy julle mag vernietig.

4 Kyk, Ek die Here, het julle aanskou, en die gruwels gesien in die kerk wat my Naam [a]bely.

5 Maar geseënd is hulle wat getrou is en [a]volhard, hetsy in die lewe of in die dood, want hulle sal die ewige lewe beërwe.

6 Maar wee hulle wat [a]bedrieërs en huigelaars is, want so sê die Here, Ek sal hulle tot oordeel bring.

7 Kyk, voorwaar Ek sê vir julle, daar is [a]huigelaars onder julle, wat sommiges bedrieg het, wat die [b]teenstander [c]mag gegee het; maar kyk, [d]diesulkes sal teruggewin word;

8 Maar die huigelaars sal bekendgemaak en [a]afgesny word, hetsy in die lewe of in die dood, net soos Ek wil; en wee hulle wat afgesny word van my kerk, want hulle is oorwin deur die wêreld.

9 Daarom, laat elkeen oppas, sodat hy nie dit doen wat nie in waarheid en regverdigheid is voor My nie.

10 En nou kom, sê die Here, deur die Gees, aan die ouderlinge van sy kerk, en laat ons tesame [a]redeneer, sodat julle mag verstaan;

11 Laat ons redeneer net soos ′n mens redeneer met ′n ander van aangesig tot aangesig.

12 Nou, wanneer ′n mens redeneer, word hy verstaan deur die mense, want hy redeneer soos ′n mens; net so sal Ek, die Here, redeneer met julle sodat julle mag [a]verstaan.

13 Daarom, Ek die Here vra vir julle hierdie vraag—waartoe is julle [a]geordineer?

14 Om my evangelie te predik deur die [a]Gees, naamlik die [b]Trooster wat uitgestuur is om die waarheid te onderrig.

15 En toe ontvang julle [a]geeste wat julle nie kon verstaan nie, en het hulle ontvang as van God te wees; en hierin is julle geregverdig?

16 Kyk, julle sal hierdie vraag

---

**50** 2*a* L&V 129. GS Gees—Bose geeste.
3*a* Lk. 22:31; 3 Ne. 18:18.
4*a* GS Jesus Christus—Om die Naam van Jesus Christus op ons te neem.
5*a* GS Volhard.
6*a* GS Bedrog, Bedrieg, Bedrieër.
7*a* Matt. 23:13–15; Alma 34:28.
*b* GS Duiwel.
*c* Mosia 27:8–9.
*d* DI diegene wat mislei is.
8*a* L&V 1:14; 56:3; 64:35. GS Ekskommunikeer.
10*a* Jes. 1:18; L&V 45:10.
12*a* L&V 1:24.
13*a* GS Ordineer, Ordinering.
14*a* L&V 43:15. GS Onderrig, Onderwyser—Onderrig met die Gees.
*b* GS Trooster.
15*a* GS Onderskeiding, Gawe van.

self beantwoord; nietemin, Ek sal
barmhartig wees teenoor julle; hy
wat swak is onder julle, sal hierna
[a]sterk gemaak word.
17 Voorwaar, Ek sê vir julle dat
hy wat deur My geordineer en uit-
gestuur is om die woord van waar-
heid te [a]predik deur die Trooster,
in die [b]Gees van waarheid, predik
hy dit deur die Gees van waarheid
of op ′n ander wyse?
18 En indien dit op ′n ander
wyse is, is dit nie van God nie.
19 En verder, hy wat die woord
van waarheid ontvang, ontvang
hy dit deur die Gees van waar-
heid of op ′n ander wyse?
20 Indien dit op ′n ander wyse
is, is dit nie van God nie.
21 Daarom, waarom is dit dat
julle nie kan verstaan en weet dat
hy wat die woord ontvang deur
die Gees van waarheid dit ont-
vang soos dit gepreek word deur
die Gees van waarheid?
22 Daarom, hy wat preek en hy
wat ontvang, verstaan mekaar, en
beide word [a]opgebou en [b]verbly
tesame.
23 En dit wat nie opbou nie, is
nie van God nie, en is [a]duisternis.
24 Dit wat van God is, is [a]lig; en
hy wat lig ontvang, en [b]volhard in
God, ontvang [c]meer lig; en daar-
die lig word helderder en helder-
der tot die volmaakte dag.
25 En verder, voorwaar Ek sê vir
julle, en Ek sê dit sodat julle die
[a]waarheid mag ken, sodat julle
die duisternis mag verdryf van
julle;
26 Hy wat deur God geordineer
is, en uitgestuur word, hy is aan-
gestel om die [a]grootste te wees,
nieteenstaande hy die minste en
[b]dienskneg van almal is.
27 Daarom, hy is die [a]besitter
van alle dinge; want alle dinge is
onderworpe aan hom, beide in die
hemel en op die aarde, die lewe en
die lig, die Gees en die [b]krag, uit-
gestuur deur die wil van die Va-
der deur Jesus Christus, sy Seun.
28 Maar niemand is besitter van
alle dinge nie, tensy hy [a]gereinig
en [b]skoongewas is van alle sonde.
29 En as julle gereinig en skoon-
gewas is van alle sonde, sal julle
[a]vra wat julle ook al wil in die
Naam van Jesus en dit sal ge-
doen word.
30 Maar weet dit, dit sal julle
gegee word wat julle sal vra; en
omdat julle aangestel is aan die
[a]hoof, sal die geeste onderworpe
wees aan julle.

16 *a* Ether 12:23–27.
17 *a* GS Preek; Sendingwerk.
*b* L&V 6:15. GS Heilige Gees; Waarheid.
22 *a* 1 Kor. 14:26.
*b* Joh. 4:36.
23 *a* GS Duisternis, Geestelike.
24 *a* 1 Joh. 2:8–11; Moro. 7:14–19; L&V 84:45–47; 88:49. GS Lig, Lig van Christus.
*b* Joh. 15:4–5, 10.
*c* 2 Ne. 28:30.
25 *a* Joh. 8:32.
26 *a* Matt. 23:11.
*b* Mark. 10:42–45. GS Diens.
27 *a* L&V 76:5–10, 53–60; 84:34–41.
*b* GS Krag.
28 *a* 3 Ne. 19:28–29; L&V 88:74–75. GS Heiligmaking; Suiwer, Suiwerheid.
*b* 1 Joh. 1:7–9.
29 *a* Hel. 10:5; L&V 46:30. GS Gebed.
30 *a* GS Gesag.

31 Daarom, dit sal gebeur, dat
indien julle 'n [a]gees aanskou wat
homself bekendmaak wat julle
nie kan verstaan nie, en julle ont-
vang nie daardie gees nie, sal
julle die Vader vra in die Naam
van Jesus; en as Hy nie aan julle
daardie gees gee nie, dan mag
julle weet dat dit nie van God is
nie.
32 En dit sal aan julle gegee
word, [a]mag oor daardie gees; en
julle sal getuig teen daardie gees
met 'n luide stem dat dit nie van
God is nie—
33 Nie met [a]heftige beskuldi-
ging nie, sodat julle nie oorweldig
word nie, nóg deur [b]grootpratery
nóg met blydskap, sodat julle nie
daardeur oorval word nie.
34 Hy wat ontvang van God,
laat hom dit toeskryf aan God;
en laat hom hom verbly dat hy
waardig beskou word deur God
om te ontvang.
35 En deur gehoor te gee en
hierdie dinge te doen wat julle
ontvang het, en wat julle hierna
sal ontvang—en die [a]koninkryk
word julle gegee deur die Vader,
en [b]krag om alle dinge te oorwin
wat nie deur hom geordineer is
nie—
36 En kyk, voorwaar, Ek sê vir
julle, geseënd is julle wat nou
hierdie woorde van My hoor van
die mond van my dienskneg,
want julle sondes is jul [a]vergewe.
37 Laat my dienskneg Joseph
Wakefield, in wie Ek 'n welbehae
het, en my dienskneg [a]Parley P.
Pratt uitgaan onder die kerke en
hulle versterk deur die woord van
[b]vermaning.
38 En ook my dienskneg John
Corrill, of soveel van my diens-
knegte as wat geordineer word
tot hierdie amp, en laat hulle ar-
bei in die [a]wingerd; en laat nie-
mand hulle verhinder om dit te
doen waartoe Ek hulle aangestel
het nie.
39 Daarom, in hierdie ding is my
dienskneg [a]Edward Partridge nie
geregverdig nie, nietemin, laat
hom bekeer en hy sal vergewe
word.
40 Kyk, julle is klein kindertjies
en julle kan nie alle dinge nou
[a]verdra nie; julle moet [b]toeneem
in [c]genade en in die kennis van
die [d]waarheid.
41 [a]Vrees nie, klein [b]kindertjies,
want julle is myne, en Ek het die
wêreld [c]oorwin, en julle is van
hulle wat die Vader My [d]gegee
het;
42 En nie een van hulle wat my

31*a* 1 Joh. 4:1.
GS Gees—Bose geeste.
32*a* Matt. 10:1.
33*a* Judas 1:9.
*b* L&V 84:67, 73.
35*a* GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
*b* 1 Joh. 4:4; L&V 63:20, 47.
36*a* L&V 58:42–43.
GS Vergewe.
37*a* GS Pratt, Parley Parker.
*b* L&V 97:3–5.
38*a* GS Wingerd van die Here.
39*a* GS Partridge, Edward.
40*a* 3 Ne. 17:2–3; L&V 78:17–18.
*b* 1 Kor. 3:2–3; L&V 19:22–23.
*c* GS Genade.
*d* GS Waarheid.
41*a* 1 Joh. 4:18.
*b* GS Seuns en Dogters van God.
*c* Joh. 16:33.
*d* Joh. 10:27–29; 17:2; 3 Ne. 15:24; L&V 27:14; 84:63.

Vader My gegee het sal [a]verlore gaan nie.

43 En die Vader en Ek is [a]een. Ek is in die Vader en die Vader in My; en in soverre julle my ontvang het, is julle in My en Ek in julle.

44 Daarom, Ek is in julle midde, en Ek is die [a]goeie herder, en die [b]rots van Israel. Hy wat bou op hierdie [c]rots sal [d]nooit val nie.

45 En die dag kom dat julle my stem sal hoor en My [a]sien, en weet dat Ek is.

46 [a]Waak daarom, sodat julle [b]gereed mag wees. Dit is so. Amen.

# AFDELING 51

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Thompson, Ohio, 20 Mei 1831. Op hierdie tydstip het die heiliges wat migreer het van die oostelike state begin om aan te kom in Ohio, en dit het noodsaaklik geword om vaste reëlings te tref vir hul vestiging. Aangesien hierdie onderneming spesifiek onder die biskop se amp geressorteer het, het Biskop Edward Partridge inligting gesoek aangaande die saak en die Profeet het by die Here navraag gedoen.*

*1–8, Edward Partridge word aangestel om die rentmeesterskappe en besittings te bestuur; 9–12, Die Heiliges moet eerlik handel en ewe veel ontvang; 13–15, Hulle moet 'n biskop se voorraadskuur hê en moet besittings organiseer volgens die Here se wet; 16–20, Ohio sal 'n tydelike versamelplek wees.*

Slaan ag op My, sê die Here jou God, en Ek sal spreek tot my dienskneg [a]Edward Partridge, en aan hom inligting gee, want dit is noodwendig dat hy inligting ontvang oor hoe om hierdie volk te organiseer.

2 Want dit moet noodwendig wees dat hulle georganiseer word volgens my [a]wette; of anders sal hulle afgesny word.

3 Daarom, laat my dienskneg Edward Partridge, en diegene wat hy gekies het, in wie Ek 'n welbehae het, aan hierdie volk hul deel toewys, elkeen [a]ewe veel volgens sy familie, volgens sy omstandighede en sy [b]behoeftes en node.

4 En laat my dienskneg Edward

42 *a* Joh. 17:12; 3 Ne. 27:30–31.
43 *a* Joh. 17:20–23; 3 Ne. 11:35–36. GS God, Godheid.
44 *a* Joh. 10:14–15. GS Goeie Herder.
*b* Gén. 49:24; 1 Petr. 2:4–8. GS Hoeksteen.
*c* 1 Kor. 10:1–4. GS Jesus Christus; Rots.
*d* Hel. 5:12.
45 *a* L&V 67:10–13.
46 *a* GS Waak, Wagte.
*b* Alma 34:32–33.
**51** 1 *a* GS Partridge, Edward.
2 *a* L&V 42:30–39; 105:5. GS Toewy, Wet van Toewyding.
3 *a* L&V 49:20.
*b* Hand. 2:44–45; 4 Ne. 1:2–3.

Partridge, wanneer hy ʼn man sy gedeelte toewys, aan hom ʼn skrywe gee wat aan hom sy gedeelte sal verseker, dat hy dit sal behou, naamlik hierdie reg en hierdie erfenis in die kerk, totdat hy oortree en nie waardig geag word deur die stem van die kerk, volgens die wette en [a]verbonde van die kerk, om aan die kerk te behoort nie.

5 En indien hy sal oortree en nie waardig geag word om aan die kerk te behoort nie, sal hy nie mag hê om daardie gedeelte wat hy toegewy het aan die biskop vir die armes en die behoeftiges van my kerk, op te eis nie; daarom sal hy nie die gawe behou nie, maar sal slegs aanspraak hê op daardie gedeelte wat aan hom deur akte oorgedra is.

6 En so sal alle dinge seker gemaak word, [a]volgens die [b]wette van die land.

7 En laat dit wat aan hierdie volk behoort, toegewys word aan hierdie volk.

8 En die [a]geld wat oorbly vir hierdie volk—laat daar ʼn agent aangestel word vir hierdie volk, om die [b]geld te neem om voedsel en kleding te verskaf, volgens die behoeftes van hierdie volk.

9 En laat elke mens [a]eerlik handel; en gelyk wees onder hierdie volk, en ewe veel ontvang, sodat julle een [b]mag wees, net soos Ek julle gebied het.

10 En laat dit wat behoort aan hierdie volk nie geneem word en gegee word aan dié van ʼn [a]ander kerk nie.

11 Daarom, as ʼn ander kerk geld wil ontvang van hierdie kerk, laat hulle weer terugbetaal aan hierdie kerk soos hulle sal ooreenkom;

12 En dit sal gedoen word deur die biskop of die agent wat aangestel sal word deur die [a]stem van die kerk.

13 En verder, laat die biskop ʼn [a]voorraadskuur oprig vir hierdie kerk; en laat alle dinge, beide geld en voedsel, wat meer is as wat [b]nodig is vir die behoeftes van hierdie volk, gehou word in die hande van die biskop.

14 En laat hom ook vir homself uithou vir sy eie behoeftes, en vir die behoeftes van sy familie, omdat hy hierdie werk doen.

15 En so gun Ek aan hierdie volk die voorreg om hulleself te organiseer volgens my [a]wette.

16 En Ek wy [a]hierdie land toe vir hulle vir ʼn kort tydjie, tot Ek, die Here, anders vir hulle sal voorsien, en Ek hulle gebied om daarheen te gaan;

4*a* DI afdeling 20 staan bekend as die Artikels en Verbonde van die Kerk van Christus. L&V 33:14; 42:13. GS Verbond.
6*a* 1 Petr. 2:13; L&V 98:5–7.
*b* L&V 58:21–22.
8*a* L&V 84:104.
*b* L&V 104:15–18.
9*a* GS Eerlik, Eerlikheid.
*b* L&V 38:27. GS Eenheid.
10*a* DI ʼn ander tak van die Kerk, nie ʼn ander kerkgenootskap nie.
12*a* GS Algemene Instemming.
13*a* L&V 42:55. GS Voorraadskuur.
*b* L&V 42:33–34, 55; 82:17–19.
15*a* L&V 51:2.
16*a* DI Kirtland, Ohio-area.

17 En die uur en die dag word nie aan hulle gegee nie, daarom laat hulle optree op hierdie land asof vir jare, en dit sal tot hulle voordeel strek.

18 Kyk, dit sal [a]'n voorbeeld wees vir my dienskneg Edward Partridge, in ander plekke, in alle kerke.

19 En wie ook al 'n getroue, 'n regverdige en 'n verstandige [a]rentmeester is, sal die [b]vreugde van sy Heer binnegaan en sal die ewige lewe beërwe.

20 Voorwaar, Ek sê vir julle, Ek is Jesus Christus, wat [a]spoedig [b]kom, op 'n uur wat julle nie verwag nie. Dit is so. Amen.

## AFDELING 52

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan die ouderlinge van die Kerk, te Kirtland, Ohio, 6 Junie 1831. 'n Konferensie was gehou te Kirtland, wat op die 3de begin en op die 6de afgesluit het. Tydens hierdie konferensie is die eerste spesifieke ordinerings tot die amp van hoëpriester gedoen, en sekere manifestasies van valse en misleidende geeste is onderskei en bestraf.*

*1–2, Die volgende konferensie is geskeduleer om in Missouri gehou te word; 3–8, Benoeming van sekere ouderlinge wat saam moet reis, word gemaak; 9–11, Die ouderlinge moet onderrig wat die apostels en profete geskryf het; 12–21, Diegene wat deur die Gees verlig is bring vrugte voort van lof en wysheid; 22–44, Verskeie ouderlinge word benoem om uit te gaan en die evangelie te preek terwyl op reis na Missouri vir die konferensie.*

KYK, so sê die Here aan die ouderlinge wat Hy [a]geroep en gekies het in hierdie laaste dae, deur die stem van sy Gees—

2 En sê: Ek, die Here, sal aan julle bekendmaak wat Ek wil hê dat julle moet doen vanaf hierdie tyd tot die volgende konferensie, wat gehou sal word in Missouri, op die [a]land wat Ek sal [b]toewy aan my volk, wat 'n [c]oorblyfsel is van Jakob, en diegene wat erfgename is volgens die [d]verbond.

3 Daarom, voorwaar, Ek sê vir julle, laat my diensknegte Joseph Smith, Jr., en Sidney Rigdon hulle reis so gou as moontlik onderneem so gou as wat voorbereidings getref kan word om hulle huise te verlaat, en te reis na die land Missouri.

4 En in soverre hulle getrou is

18*a* DI 'n patroon.
19*a* Matt. 24:45–47. GS Rentmeester, Rentmeesterskap.
*b* GS Vreugde.
20*a* Openb. 22:6–16.
*b* Matt. 24:44.
**52** 1*a* GS Roep, Geroepe van God, Roeping.
2*a* L&V 57:1–3.
*b* L&V 58:57; 84:3–4.
*c* Ps. 135:4; 3 Ne. 5:21–26.
*d* Abr. 2:6–11. GS Abraham, Verbond van.

aan My, sal dit aan hulle bekendgemaak word wat hulle sal doen;
5 En dit sal ook, in soverre hulle getrou is, aan hulle bekendgemaak word die [a]land van julle erfenis.
6 En in soverre hulle nie getrou is nie, sal hulle afgesny word, net soos Ek wil, soos Ek goeddink.
7 En verder, voorwaar, Ek sê vir julle, laat my dienskneg Lyman Wight en my dienskneg John Corrill hulle reis spoedig onderneem.
8 En ook my dienskneg John Murdock, en my dienskneg Hyrum Smith, hulle reis onderneem na dieselfde plek oor Detroit.
9 En laat hulle daarvandaan reis en die woord preek onderweg, en [a]geen ander dinge sê as dit wat die apostels en [b]profete geskryf het nie, en dit wat hulle onderrig word deur die [c]Trooster deur die gebed van geloof.
10 Laat hulle [a]twee-twee gaan, en laat hulle so preek onderweg in elke gemeente, en doop deur [b]water, en die oplegging van [c]hande aan die waterkant.
11 Want so sê die Here. Ek sal my werk verkort in [a]regverdigheid, want die dae kom dat Ek oordeel sal uitstuur ter oorwinning.
12 En laat my dienskneg Lyman Wight waaksaam wees, want Satan begeer om hom te [a]sif soos kaf.
13 En kyk, hy wat [a]getrou is sal heerser gemaak word oor vele dinge.
14 En verder, Ek sal aan julle 'n voorbeeld gee in alle dinge, sodat julle nie bedrieg mag word nie; want Satan gaan rond in die land, en hy gaan uit en bedrieg die nasies—
15 Daarom, hy wat bid, wie se gees [a]berouvol is, hy word deur My [b]aanvaar as hy my [c]ordinansies gehoorsaam.
16 Hy wat spreek, wie se gees berouvol is, wie se taal sagmoedig is en opbou, hy is van God as hy my ordinansies gehoorsaam.
17 En verder, hy wat bewe onder my mag, sal [a]sterk gemaak word, en sal vrugte voortbring van lof en [b]wysheid, volgens die openbarings en waarhede wat Ek julle gegee het.
18 En verder, hy wat oorwin word en nie vrugte [a]voortbring nie, en wel volgens hierdie patroon, is nie van My nie.
19 Daarom, deur hierdie patroon sal julle die geeste [a]ken in alle gevalle onder die ganse hemele.

5 *a* L&V 57:1–3.
9 *a* Mosia 18:19–20.
*b* L&V 42:12; 52:36. GS Skrifture.
*c* GS Heilige Gees; Onderrig, Onderwyser—Onderrig met die Gees; Trooster.
10 *a* Mark. 6:7; L&V 61:35.
*b* Joh. 1:26.
*c* Hand. 8:14–17.
11 *a* Rom. 9:28.
12 *a* Lk. 22:31; 3 Ne. 18:17–18.
13 *a* Matt. 25:23; L&V 132:53.
15 *a* GS Gebroke Hart.
*b* L&V 97:8.
*c* GS Ordinansies.
17 *a* L&V 66:8; 133:58.
*b* GS Wysheid.
18 *a* Matt. 3:10.
19 *a* GS Onderskeiding, Gawe van.

20 En die dae het gekom; volgens die mense se geloof sal dit aan hulle [a]gedoen word.

21 Kyk, hierdie gebod is gegee aan al die ouderlinge wat Ek gekies het.

22 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, laat my dienskneg [a]Thomas B. Marsh en my dienskneg Ezra Thayre ook hulle reis onderneem, en die woord onderweg preek aan hierdie selfde land.

23 En verder, laat my dienskneg Isaac Morley en my dienskneg Ezra Booth hulle reis onderneem, en ook die woord onderweg preek aan hierdie selfde land.

24 En verder, laat my dienskneg [a]Edward Partridge en Martin Harris hulle reis onderneem saam met my diensknegte Sidney Rigdon en Joseph Smith, Jr.

25 Laat my dienskneg David Whitmer en my dienskneg Harvey Whitlock ook hulle reis onderneem, en onderweg preek aan hierdie selfde land.

26 Laat my dienskneg [a]Parley P. Pratt en [b]Orson Pratt hulle reis onderneem, en onderweg preek, ja, aan hierdie selfde land.

27 En laat my diensknegte Solomon Hancock en Simeon Carter ook hulle reis onderneem na hierdie selfde land, en onderweg preek.

28 Laat my diensknegte Edson Fuller en Jacob Scott ook hulle reis onderneem.

29 Laat my diensknegte Levi W. Hancock en Zebedee Coltrin ook hulle reis onderneem.

30 Laat my diensknegte Reynolds Cahoon en Samuel H. Smith ook hulle reis onderneem.

31 Laat my diensknegte Wheeler Baldwin en William Carter ook hulle reis onderneem.

32 En laat my diensknegte [a]Newel Knight en Selah J. Griffin albei geordineer word, en ook hulle reis onderneem.

33 Ja, voorwaar Ek sê, laat al hierdie hulle reis onderneem na een plek, op hul verskeie weë, en een man sal nie op ′n ander se [a]fondament bou nie, nóg reis op ′n ander se spoor.

34 Hy wat getrou is, hy sal beskerm word en geseën word met veel [a]vrug.

35 En verder, Ek sê vir julle, laat my diensknegte Joseph Wakefield en Solomon Humphrey hulle reis onderneem na die oostelike streke.

36 Laat hulle arbei met hulle families, en niks anders [a]verklaar behalwe die profete en apostels nie, dit wat hulle [b]gesien en gehoor het en vir seker [c]glo, dat die profesieë vervul mag word.

37 As gevolg van oortreding, laat dit wat gegee is aan Heman Basset van hom [a]geneem word,

20*a* Matt. 8:5–13.
22*a* L&V 56:5.
GS Marsh, Thomas B.
24*a* GS Partridge, Edward.
26*a* GS Pratt, Parley Parker.
*b* GS Pratt, Orson.
32*a* L&V 56:6–7.
33*a* Rom. 15:20.
34*a* Joh. 15:16; L&V 18:15–16.
36*a* Mosia 18:19–20; L&V 52:9.
*b* Joh. 3:11.
*c* GS Geloof, Glo.
37*a* Matt. 25:25–30.

en geplaas word op die hoof van Simonds Ryder.

38 En verder, voorwaar, Ek sê vir julle, laat Jared Carter tot priester [a]geordineer word, en ook George James tot [b]priester geordineer word.

39 Laat die oorblyfsel van die ouderlinge [a]waak oor die kerke, en die woord verklaar in die streke rondom hulle; en laat hulle arbei met hul eie hande sodat daar geen [b]afgodery nóg boosheid beoefen word.

40 En onthou in alle dinge die [a]armes en die [b]behoeftiges, die siekes en die geteisterdes, want hy wat nie hierdie dinge doen nie, hy is nie my dissipel nie.

41 En verder, laat my diensknegte Joseph Smith, Jr., en Sidney Rigdon en Edward Partridge saam met hulle ’n [a]aanbeveling neem van die kerk. En laat daar ook een verkry word vir my dienskneg Oliver Cowdery.

42 En dus, net soos Ek gesê het, as julle getrou is, sal julle julself versamel om julle te verbly in die land [a]Missouri, wat die land is van jul [b]erfenis, wat nou die land is van jul vyande.

43 Maar, kyk, Ek, die Here, sal die stad verhaas in sy tyd, en Ek sal die getroues bekroon met [a]blydskap en vreugde.

44 Kyk, Ek is Jesus Christus, die Seun van God, en Ek sal hulle [a]verhef op die laaste dag. Dit is so. Amen.

# AFDELING 53

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan Algernon Sidney Gilbert, te Kirtland, Ohio, 8 Junie 1831. Op Sidney Gilbert se versoek, het die Profeet navraag gedoen by die Here aangaande Broer Gilbert se werk en aanstelling in die Kerk.*

*1–3, Sidney Gilbert se roeping en verkiesing in die Kerk is om geordineer te word as ’n ouderling; 4–7, Hy moet ook dien as ’n biskop se agent.*

Kyk, Ek sê vir jou, my dienskneg Sidney Gilbert, dat Ek jou gebede gehoor het; en jy het my aangeroep dat dit aan jou bekendgemaak moet word, deur die Here jou God, aangaande jou roeping en [a]verkiesing in die kerk, wat Ek, die Here, gevestig het in hierdie die laaste dae.

2 Kyk, Ek, die Here, wat [a]gekruisig is vir die sondes van die wê-

38*a* L&V 79:1.
*b* GS Priester, Aäroniese Priesterskap.
39*a* Alma 6:1.
*b* GS Afgodery.
40*a* L&V 104:15–18. GS Armes.
*b* GS Welsyn.
41*a* L&V 20:64.
42*a* GS Sion.
*b* L&V 25:2; 57:1–3.
43*a* GS Vreugde.
44*a* L&V 88:96–98.
**53** 1*a* GS Roeping en Verkiesing; Uitverkore; Verkiesing.
2*a* GS Kruisiging.

reld, gee aan jou ʼn gebod dat jy die wêreld sal [b]versaak.

3 Neem op jou my ordinering, naamlik dié van ʼn ouderling, om geloof en bekering en die [a]vergifnis van sondes te preek, volgens my woord, en die ontvangs van die Heilige Gees deur die oplegging van [b]hande;

4 En ook om ʼn [a]agent te wees vir hierdie kerk in die plek wat deur die biskop aangewys sal word, volgens gebooie wat hierna gegee sal word.

5 En verder, voorwaar, Ek sê vir jou, jy sal jou reis onderneem saam met my diensknegte Joseph Smith, Jr., en Sidney Rigdon.

6 Kyk, hierdie is die eerste ordinansies wat jy sal ontvang; en die oorblyfsel sal bekendgemaak word in ʼn toekomstige tyd, volgens jou arbeid in my wingerd.

7 En verder, Ek wil dat jy moet leer dat slegs hy gered word wat [a]volhard tot die einde. Dit is so. Amen.

# AFDELING 54

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan Newel Knight, te Kirtland, Ohio, 10 Junie 1831. Lede van die Kerk wat in Thompson, Ohio gewoon het, was verdeeld oor vrae wat te make het met die toewyding van besittings. Selfsug en hebsug is geopenbaar. Na sy sending na die Shakers (sien die opskrif van afdeling 49), het Leman Copley sy verbond verbreek om sy groot plaas toe te wy as ʼn plek van erfenis vir die Heiliges wat van Colesville, New York aankom. As ʼn gevolg, het Newel Knight (leier van die lede wat in Thompson gewoon het), en ander ouderlinge na die Profeet gekom om te vra hoe om op te tree. Die Profeet het by die Here navraag gedoen en hierdie openbaring ontvang wat die lede in Thompson gebied om Leman Copley se plaas te verlaat en na Missouri te reis.*

*1–6, Die Heiliges moet die evangeliese verbond onderhou om barmhartigheid te ontvang; 7–10, Hulle moet geduldig wees in beproewing.*

Kyk, so sê die Here, naamlik [a]Alfa en Omega, die begin en die einde, naamlik Hy wat [b]gekruisig is vir die sondes van die wêreld.

2 Kyk, voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, my dienskneg Newel Knight, jy sal vasstaan in die amp waarin Ek jou aangestel het.

3 En as jou broers begeer om te

2*b* GS Wêreld; Wêreldsheid.
3*a* GS Vergifnis van Sondes.
*b* GS Hande, Oplegging van.
4*a* L&V 57:6, 8–10, 14–15; 84:113.
7*a* GS Volhard.
**54** 1*a* Openb. 1:8; L&V 19:1. GS Alfa en Omega.
*b* GS Kruisiging.

ontsnap van hulle vyande, laat hulle bekeer van al hulle sondes, en waarlik [a]nederig word voor my en verslae.

4 En omdat die [a]verbond wat hulle met My gesluit het verbreek is, net so het dit [b]waardeloos en kragteloos geword.

5 En wee hom deur wie hierdie [a]oortreding kom, want dit sou beter vir hom gewees het as hy in die diepte van die see verdrink het.

6 Maar geseënd is hulle wat die verbond onderhou en die gebod nagekom het, want hulle sal [a]barmhartigheid ontvang.

7 Daarom, gaan nou heen en vlug uit die land, sodat julle vyande nie op julle neerkom nie; en onderneem julle reis, en stel aan wie julle wil om jul leier te wees, en om betalings vir julle te doen.

8 En so sal julle jul reis onderneem in die streke weswaarts, na die land [a]Missouri, na die grense van die Lamaniete.

9 En nadat julle jul reis voltooi het, kyk Ek sê vir julle, soek om 'n [a]bestaan te maak soos ander mense, tot Ek 'n plek vir julle berei.

10 En verder, wees [a]geduldig in verdrukking tot Ek [b]kom; en kyk, Ek kom spoedig, en my beloning is met My, en hulle wat my vroeg [c]gesoek het, sal [d]rus vind vir hulle siele. Dit is so. Amen.

## AFDELING 55

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan William W. Phelps, te Kirtland, Ohio, 14 Junie 1831. William W. Phelps, 'n drukker, en sy familie het net aangekom in Kirtland, en die Profeet het inligting aangaande hom by die Here gesoek.*

*1–3, William W. Phelps word geroep en gekies om gedoop te word, om as ouderling geordineer te word, en om die evangelie te preek; 4, Hy moet ook boeke skryf vir kinders in Kerkskole; 5–6, Hy moet reis na Missouri, wat die gebied van sy arbeid sal wees.*

Kyk, so sê die Here vir jou, my dienskneg William, ja, naamlik die Here van die hele [a]aarde, jy is geroep en gekies; en nadat jy [b]gedoop is met water, indien jy dit doen met 'n oog enkel gerig op my heerlikheid, sal jy 'n vergifnis hê van jou sondes en 'n ontvangs

3*a* GS Nederig, Nederigheid.
4*a* L&V 42:30–39. GS Toewy, Wet van Toewyding.
*b* L&V 58:32–33.
5*a* Matt. 18:6–7.
6*a* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
8*a* L&V 52:42.
9*a* 1 Thes. 4:11.
10*a* GS Geduld.
*b* Openb. 22:12. GS Tweede Koms van Jesus Christus.
*c* Spr. 8:17. GS Gebed.
*d* Matt. 11:28–30. GS Rus.
**55** 1*a* Deut. 10:14; 1 Ne. 11:6; 2 Ne. 29:7.
*b* GS Doop.

van die Heilige Gees deur die oplegging van [c]hande;

2 En dan sal jy geordineer word deur die hand van my dienskneg Joseph Smith, Jr., om ʼn ouderling te wees vir hierdie kerk, om bekering te preek en die [a]vergifnis van sondes deur middel van die doop in die Naam van Jesus Christus, die Seun van die lewende God.

3 En op wie ook al jy jou hande sal lê, indien hulle verslae is voor My, sal jy die mag hê om die Heilige Gees te gee.

4 En verder, jy sal geordineer word om my dienskneg Oliver Cowdery by te staan om die drukwerk te doen, en om [a]boeke te keur en te skryf vir skole in hierdie kerk, sodat klein kindertjies ook onderrig mag ontvang voor My wat My behaag.

5 En verder, voorwaar Ek sê vir jou, om hierdie rede sal jy jou reis onderneem saam met my diensknegte Joseph Smith, Jr., en Sidney Rigdon, dat jy [a]geplant mag word in die land van jou erfenis om hierdie werk te doen.

6 En verder, laat my dienskneg Joseph Coe ook sy reis saam met hulle onderneem. Die oorblyfsel sal hierna bekendgemaak word, net soos Ek wil. Amen.

## AFDELING 56

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 15 Junie 1831. Hierdie openbaring kasty Ezra Thayre omdat hy nie ʼn vorige openbaring gehoorsaam het nie (die "gebod" waarna verwys word in vers 8), wat Joseph Smith ontvang het vir hom, wat Thayre opdrag gee aangaande sy pligte op Frederick G. Williams se plaas waar hy gewoon het. Die volgende openbaring herroep ook Thayre se roeping om na Missouri te reis saam met Thomas B. Marsh (sien afdeling 52:22).*

*1–2, Die Heiliges moet hulle kruis opneem en die Here volg om heil te verkry; 3–13, Die Here gebied en herroep, en die ongehoorsames word uitgewerp; 14–17, Wee die rykes wat nie die armes wil help nie, en wee die armes wie se harte nie gebroke is nie; 18–20, Geseënd is die armes wat rein van hart is, want hulle sal die aarde beërwe.*

1 Slaan ag, o julle mense wat my Naam [a]bely, sê die Here julle God; want kyk, my toorn is ontvlam teen die rebelses, en hulle sal my arm ken en my verontwaardiging

1*c* GS Hande, Oplegging van.
2*a* GS Vergifnis van Sondes.
4*a* L&V 88:118; 109:7, 14.
5*a* Amos 9:15.
**56** 1*a* L&V 41:1.

in die dag van [b]besoeking en van
woede oor die nasies.
2 En hy wat nie sy [a]kruis wil op-
neem en My [b]volg nie, en my ge-
booie onderhou nie, hy sal nie
gered word nie.
3 Kyk, Ek, die Here, gebied; en
hy wat nie wil [a]gehoorsaam nie,
sal [b]afgesny word in my eie be-
paalde tyd; nadat Ek gebied het
en die gebod verbreek is.
4 Daarom, Ek die Here, gebied
en [a]herroep, soos Ek goeddink; en
dit alles sal neerkom op die hoofde
van die [b]rebelses, sê die Here.
5 Daarom, Ek herroep die ge-
bod wat gegee is aan my diens-
knegte [a]Thomas B. Marsh en
Ezra Thayre, en gee ′n nuwe ge-
bod aan my dienskneg Thomas,
dat hy spoedig sy reis sal onder-
neem na die land Missouri, en my
dienskneg Selah J. Griffin sal ook
saam met hom gaan.
6 Want kyk, Ek herroep die ge-
bod wat gegee is aan my diens-
knegte Selah J, Griffin en Newel
Knight, as gevolg van die hard-
nekkigheid van my volk wat in
Thompson is, en hulle rebellies.
7 Daarom, laat my dienskneg
Newel Knight by hulle bly; en so-
veel as wat wil gaan, mag gaan,
wat verslae is voor my, en deur
hom gelei word na die land wat
Ek aangewys het.
8 En verder, voorwaar Ek sê
vir julle dat my dienskneg Ezra
Thayre moet bekeer van sy [a]hoog-
moed, en van sy selfsug, en die
vorige gebod wat Ek aan hom ge-
gee het, gehoorsaam aangaande
die plek waar hy woon.
9 En as hy dit sal doen, omdat
daar geen verdelings gemaak sal
word op hierdie land nie, sal hy
aangestel word om nog steeds na
die land Missouri te gaan;
10 Andersins sal hy die geld ont-
vang wat hy betaal het, en sal die
plek verlaat, en sal [a]afgesny word
van my kerk, sê die Here God van
die leërskare.
11 En alhoewel die hemel en
die aarde verbygaan, sal hierdie
woorde nie [a]verbygaan nie, maar
sal vervul word.
12 En indien my dienskneg
Joseph Smith, Jr., die geld nood-
wendig moet betaal, kyk, Ek, die
Here, sal dit weer aan hom terug-
betaal in die land Missouri, sodat
diegene van wie hy sal ontvang,
weer beloon mag word volgens
dit wat hulle doen;
13 Want volgens dit wat hulle
doen, sal hulle ontvang, naamlik
in grond vir hulle erfenis.
14 Kyk, so sê die Here aan my
volk—julle het baie dinge om te
doen en van te bekeer; want kyk,
julle sondes het opgekom na My

1 *b* Jes. 10:3–4; Morm. 9:2; L&V 1:13–14; 124:10.
2 *a* Lk. 14:27.
*b* 1 Petr. 2:21; 2 Ne. 31:10–13; Moro. 7:11. GS Jesus Christus—Voorbeeld van Jesus Christus.
3 *a* GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
*b* L&V 1:14–16; 50:8.
4 *a* L&V 58:31–33.
*b* GS Rebellie.
5 *a* GS Marsh, Thomas B.
8 *a* GS Hoogmoed.
10 *a* GS Ekskommunikeer.
11 *a* 2 Ne. 9:16.

toe, en is nie vergewe nie, omdat
julle soek om [a]raad te gee volgens
jul eie weë.
15 En julle harte is nie tevrede
nie. En julle gehoorsaam nie die
waarheid nie, maar skep [a]behae
in ongeregtigheid.
16 Wee julle [a]ryk manne, wat nie
julle besittings aan die [b]armes wil
[c]gee nie, want julle [d]rykdomme
sal julle siele verdorwe; en dit sal
julle klaaglied wees in die dag
van besoeking, en van oordeel, en
van verontwaardiging: Die [e]oes is
verby, die somer het geëindig, en
my siel is nie gered nie!
17 Wee julle [a]arm mense, wie se
harte nie gebroke is nie, wie se
geeste nie verslae is nie, en wie
se mae nie versadig is nie, en wie
se hande nie weerhou word om
ander mense se goed aan te gryp
nie, wie se oë vol [b]hebsug is, en
nie wil arbei met julle eie hande
nie!
18 Maar geseënd is die [a]armes
wat rein van hart is, wie se harte
[b]gebroke is, en wie se geeste be-
rouvol is, want hulle sal die [c]ko-
ninkryk van God sien kom in
krag en groot heerlikheid tot hul
bevryding; want die vettigheid
van die [d]aarde sal hulle s'n wees.
19 Want kyk, die Here sal kom,
en sy [a]vergoeding sal met hom
wees, en Hy sal elke mens beloon,
en die armes sal hulle verbly.
20 En hulle geslagte sal die aarde
[a]beërwe van geslag tot geslag, vir
ewig en ewig. En nou maak Ek 'n
einde om tot julle te spreek. Dit is
so. Amen.

# AFDELING 57

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Sion, Jackson-distrik, Missouri, 20 Julie 1831. Ooreenkomstig die Here se bevel om na Missouri te reis, waar Hy "die land van jou erfenis" sou openbaar (afdeling 52), het die ouderlinge gereis vanaf Ohio tot Missouri se westelike grens. Joseph Smith het die toestand van die Lamaniete oordink en gewonder: "Wanneer sal die wildernis bloei soos 'n roos? Wanneer sal Sion opgebou word in al haar heerlikheid, en waar sal u tempel staan, waarheen alle nasies sal kom in die laaste dae?" Daarna het hy hierdie openbaring ontvang.*

---

14*a* Jakob 4:10.
15*a* Alma 41:10; 3 Ne. 27:11.
16*a* Jer. 17:11; 2 Ne. 9:30.
*b* GS Aalmoes, Aalmoese Gee.
*c* Spr. 14:31; Alma 5:55–56. GS Armes.
*d* Jak. 5:3.
*e* Jer. 8:20; Alma 34:33–35; L&V 45:2.
17*a* Mosia 4:24–27; L&V 42:42; 68:30–32.
*b* GS Begeer.
18*a* Matt. 5:3, 8; Lk. 6:20; 3 Ne. 12:3. GS Armes.
*b* GS Gebroke Hart.
*c* GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
*d* GS Aarde.
19*a* Openb. 22:12; L&V 1:10.
20*a* Matt. 5:5; L&V 45:56–58.

*1–3, Independence, Missouri, is die plek vir die stad Sion en die tempel; 4–7, Die Heiliges moet grond koop en erfenisse ontvang in daardie area; 8–16, Sidney Gilbert moet 'n winkel vestig, William W. Phelps moet 'n drukker wees, en Oliver Cowdery moet materiaal redigeer vir publikasie.*

SLAAN ag, o julle ouderlinge van my kerk, sê die Here jul God, wat julleself byeen vergader het, volgens my gebooie, in hierdie land, wat die land [a]Missouri is, wat die [b]land is wat Ek aangewys en [c]toegewy het vir die [d]versameling van die heiliges.

2 Daarom, dit is die land van belofte, en die [a]plek vir die stad [b]Sion.

3 En so sê die Here julle God, indien julle wysheid wil ontvang, hier is wysheid. Kyk, die plek wat nou Independence genoem word, is die middelpunt; en 'n plek vir die [a]tempel lê weswaarts, op 'n perseel wat nie ver is van die hofgebou nie.

4 Daarom, dit is wysheid dat die land [a]gekoop moet word deur die heiliges, en ook elke stuk grond ten weste, selfs tot by die skeidslyn wat direk tussen die [b]Jood en die nie-Jood loop;

5 En ook elke stuk grond wat grens aan die grasvlaktes, in soverre my dissipels in staat is om grond te [a]koop. Kyk, dit is wysheid, dat hulle dit mag [b]verkry vir 'n ewigdurende erfenis.

6 En laat my dienskneg Sidney Gilbert staan in die amp waarin Ek hom aangestel het, om geld te ontvang, om 'n [a]agent te wees vir die kerk, om grond te koop in al die streke rondom, in soverre dit in regverdigheid gedoen kan word, en soos wysheid sal aandui.

7 En laat my dienskneg [a]Edward Partridge staan in die amp waarin Ek hom aangestel het, en aan die heiliges hulle erfenis [b]uitdeel, soos Ek gebied het; en ook diegene wat hy aangestel het om hom by te staan.

8 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, laat my dienskneg Sidney Gilbert homself plant in hierdie plek, en 'n winkel vestig, sodat hy goedere mag verkoop sonder bedrog, sodat hy geld mag verkry om grond te koop tot die voordeel van die heiliges, sodat hy dit wat die dissipels ook al mag nodig hê mag bekom om hulle te plant in hul erfenis.

9 En ook laat my dienskneg Sidney Gilbert 'n lisensie bekom—kyk, hier is wysheid, en wie ook al lees, laat hom verstaan—sodat hy goedere mag stuur ook na die

**57** 1*a* L&V 52:42.
*b* L&V 29:7–8; 45:64–66.
*c* L&V 61:17.
*d* GS Israel—Die versameling van Israel.
2*a* L&V 28:9; 42:9, 62.
*b* GS Sion.
3*a* L&V 58:57; 97:15–17.
4*a* L&V 48:4.
*b* DI *Jood* verwys hier na die Lamaniete en *nie-Jood* na die wit setlaars.
5*a* L&V 58:49, 51; 101:68–74.
*b* L&V 56:20.
6*a* L&V 53.
7*a* L&V 58:24. GS Partridge, Edward.
*b* L&V 41:9–11; 58:14–18.

mense, en wel deur wie hy ook al wil as klerke wat werksaam is in sy diens.

10 En sodoende voorsien vir my heiliges, sodat my evangelie gepreek mag word aan diegene wat in [a]duisternis sit in die streek en [b]skaduwee van die dood.

11 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, laat my dienskneg [a]William W. Phelps geplant word in hierdie plek, en gevestig word as ʼn [b]drukker vir die kerk.

12 En sien, indien die wêreld sy geskrifte ontvang—kyk, hier is wysheid—laat hom verkry wat hy ook al kan verkry in regverdigheid, tot die voordeel van die heiliges.

13 En laat my dienskneg [a]Oliver Cowdery hom bystaan, soos Ek gebied het, in welke plek Ek hom sal aanstel, om te kopieer, en om te korrigeer, en selekteer, sodat alle dinge reg mag wees voor My, soos dit bewys sal word deur die Gees deur hom.

14 En laat dus diegene van wie Ek gespreek het geplant word in die land Sion, so spoedig moontlik, met hulle families, om daardie dinge te doen soos Ek gespreek het.

15 En nou aangaande die versameling—Laat die biskop en die agent voorbereidings tref vir daardie families wat gebied is om na hierdie land te kom, so gou as moontlik, en plant hulle in hulle erfenis.

16 En aan die oorblyfsel van beide ouderlinge en lede sal verdere aanwysings hierna gegee word. Dit is so. Amen.

# AFDELING 58

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, in Sion, Jackson-distrik, Missouri, 1 Augustus 1831. Vroeër, op die eerste Sabbat na die aankoms van die Profeet en sy geselskap in Jackson-distrik, Missouri, is ʼn kerkdiens gehou, en twee lede is deur die doop ontvang. Gedurende daardie week het sommige van die Colesville Heiliges van die Thompson-tak en andere aangekom (sien afdeling 54). Baie was gretig om die wil van die Here te verneem aangaande hulle in die nuwe vergaderplek.*

*1–5, Diegene wat in beproewing volhard, sal bekroon word met heerlikheid; 6–12, Die Heiliges moet voorberei vir die bruilof van die Lam en die aandmaal van die Here; 13–18, Biskoppe is regters in Israel; 19–23, Die Heiliges moet die wette van die land gehoorsaam; 24–29, Mense*

10*a* Jes. 9:2; Matt. 4:16. GS Duisternis, Geestelike.
*b* Ps. 23:4.
11*a* GS Phelps, William W.
*b* L&V 58:37, 40–41.
13*a* GS Cowdery, Oliver.

*moet hul handelingsmag gebruik om goed te doen; 30–33, Die Here gebied en herroep; 34–43, Om te bekeer moet mense hulle sondes bely en hulle versaak; 44–58, Die Heiliges moet hulle erfenis koop en in Missouri versamel; 59–65, Die evangelie moet aan elke skepsel gepreek word.*

SLAAN ag, o julle ouderlinge van my kerk, en neig die oor na my woord, en leer van My wat Ek wil aangaande julle, en ook aangaande [a]hierdie land waarheen Ek julle gestuur het.

2 Want voorwaar Ek sê vir julle, geseënd is hy wat my gebooie [a]onderhou, hetsy in die lewe of in die [b]dood; en hy wat [c]getrou is in [d]beproewing, sy beloning is groter in die koninkryk van die hemel.

3 Julle kan nie met jul natuurlike oë sien, vir die huidige nie, die plan van julle [a]God aangaande daardie dinge wat hierna sal kom, en die [b]heerlikheid wat sal volg na veel beproewing.

4 Want na veel [a]beproewing kom die [b]seëninge. Daarom, die dag kom dat julle [c]bekroon sal word met baie [d]heerlikheid; die uur is nog nie, maar is op hande.

5 Onthou dit, wat Ek julle voorheen vertel het, sodat julle dit ter harte kan [a]neem, en dit ontvang wat sal volg.

6 Kyk, voorwaar, Ek sê vir julle, om hierdie rede het Ek julle gestuur—dat julle gehoorsaam mag wees, en dat julle harte [a]voorberei mag wees om [b]getuienis te lewer van die dinge wat sal kom;

7 En ook dat julle geëer mag word om die fondament te lê, en om getuienis te lewer van die land waarop die [a]Sion van God sal staan;

8 En ook dat 'n fees van vetspyse voorberei mag word vir die [a]armes; ja 'n fees van vetspyse, van wyn wat [b]goed gesuiwer is van droesem, dat die aarde mag weet dat die monde van die profete nie sal faal nie;

9 Ja, 'n maaltyd van die huis van die Here, goed voorberei, waarheen alle nasies genooi sal word.

10 Eers, die rykes en die geleerdes, die wyses en die edeles;

11 En daarna kom die dag van my krag; dan sal die armes, die verlamdes, en die blindes, en die dowes, inkom na die [a]bruilof van die Lam, en deelneem aan die [b]maaltyd van die Here, voorberei vir die groot dag wat sal kom.

12 Kyk, Ek, die Here, het dit gespreek.

13 En dat die [a]getuienis mag

**58** 1*a* L&V 57:1–8.
2*a* Mosia 2:22.
*b* 1 Petr. 4:6.
*c* 2 Thes. 1:4.
*d* GS Teenstand.
3*a* GS God, Godheid.
*b* GS Heerlikheid.
4*a* Ps. 30:5; L&V 101:2–7; 103:11–14; 109:76.
*b* GS Seën, Geseënd, Seëning.
*c* GS Kroon; Verheffing.
*d* Rom. 8:17–18; L&V 136:31.
5*a* Deut. 11:18–19.
6*a* L&V 29:8.
*b* GS Getuienis.
7*a* GS Sion.
8*a* GS Armes.
*b* Jes. 25:6.
11*a* Matt. 22:1–14; Openb. 19:9; L&V 65:3.
*b* Lk. 14:16–24.
13*a* Miga 4:2.

uitgaan van Sion, ja, vanuit die
mond van die stad van die erfe-
nis van God—
14 Ja, om hierdie rede het Ek
julle hierheen gestuur, en het my
dienskneg [a]Edward Partridge ge-
kies, en het aan hom sy sending
toegewys in hierdie land.
15 Maar as hy nie bekeer van
sy sondes nie, wat ongeloof en
blindheid van hart is, laat hom
oppas sodat hy nie [a]val nie.
16 Kyk, sy sending word aan
hom gegee, en dit sal nie weer
gegee word nie.
17 En wie ook al staan in hier-
die sending word aangestel om 'n
[a]regter te wees in Israel, soos dit
was in antieke dae, om die lande
van die erfenis van God te verdeel
onder sy [b]kinders;
18 En om sy volk te oordeel vol-
gens die getuienis van die reg-
verdiges, en met die hulp van sy
raadgewers, volgens die wette
van die koninkryk wat gegee
word deur die [a]profete van God.
19 Want voorwaar Ek sê vir
julle, my wet sal onderhou word
in hierdie land.
20 Laat niemand dink hy is heer-
ser; maar laat God oor hom heers
wat oordeel, volgens die raadge-
wing van sy eie wil, of, met ander
woorde, hy wat raadgee of sit op
die regterstoel.
21 Laat niemand die [a]wette van
die land verbreek nie, want hy
wat die wette van God onderhou
het nie nodig om die wette van
die land te verbreek nie.
22 Daarom, wees onderdanig
aan die heersende magte, tot [a]Hy
heers wie se reg dit is om te heers,
en alle vyande onderwerp onder
sy voete.
23 Kyk, die [a]wette wat julle ont-
vang het uit my hand is die wette
van die kerk, en in hierdie lig sal
julle hulle beskou. Kyk, hier is
wysheid.
24 En nou, soos Ek gespreek
het aangaande my dienskneg
Edward Partridge, hierdie land
is die land van sy verblyf, en die-
gene wat hy aangestel het as sy
raadgewers; en ook die land van
die verblyf van hom wat Ek aan-
gestel het om my [a]voorraadskuur
te beheer;
25 Daarom, laat hulle hul fami-
lies bring na hierdie land, soos
hulle onderling en met My sal
raadpleeg.
26 Want, kyk, dit is nie gepas
dat Ek moet gebied in alle dinge
nie; want hy wat gedwing word
in alle dinge, hy is 'n [a]lui en 'n on-
verstandige dienskneg; daarom
ontvang hy geen beloning nie.
27 Voorwaar, Ek sê, die mens be-
hoort [a]gretiglik betrokke te wees

14*a* GS Partridge, Edward.
15*a* 1 Kor. 10:12.
17*a* L&V 107:72–74. GS Biskop.
*b* GS Seuns en Dogters van God.
18*a* GS Profeet.
21*a* Lk. 20:22–26; L&V 98:4–10; Gel. Art. 1:12. GS Regering.
22*a* GS Jesus Christus; Messias; Millennium.
23*a* GS Wet.
24*a* L&V 51:13; 70:7–11.
26*a* Matt. 24:45–51; L&V 107:99–100.
27*a* GS Werke; Ywer.

by 'n goeie saak, en baie dinge doen uit hul eie vrye wil, en veel regverdigheid teweegbring.

28 Want die krag is in hulle, waardeur hulle [a]vry is om te handel na hul eie goeddunke. En in soverre mense goed doen sal hulle geensins hul loon verloor nie.

29 Maar hy wat niks doen tot hy gebied word nie, en 'n gebod ontvang met 'n twyfelagtige hart, en dit onderhou met luiheid, hy word [a]verdoem.

30 Wie is Ek wat die mens [a]gemaak het, sê die Here, wat hom skuldeloos sal ag wat nie my gebooie gehoorsaam nie?

31 Wie is Ek, sê die Here, wat [a]beloof het en nie vervul het nie?

32 Ek gebied en die mense gehoorsaam nie; Ek [a]herroep en hulle ontvang nie die seëning nie.

33 Dan sê hulle in hulle harte: Dit is nie die werk van die Here nie, want sy beloftes word nie vervul nie. Maar wee diesulkes, want hul loon is op loer van [a]benede, en nie van bo nie.

34 En nou gee Ek aan julle verdere aanwysings aangaande hierdie land.

35 Dit is wysheid in My dat my dienskneg Martin Harris 'n voorbeeld moet wees vir die kerk, deur sy geld voor die biskop van die kerk te [a]lê.

36 En ook, dit is 'n wet vir elke mens wat na hierdie land kom om 'n erfenis te ontvang; en hy sal met sy geld doen volgens wat die wet voorskryf.

37 En dit is ook wysheid dat daar land gekoop moet word in Independence, vir plek vir die voorraadskuur, en ook vir die [a]drukkery.

38 En ander aanwysings aangaande my dienskneg Martin Harris sal aan hom gegee word deur die Gees, sodat hy sy erfenis mag ontvang na sy goeddunke;

39 En laat hom bekeer van sy sondes, want hy soek die [a]lof van die wêreld.

40 En ook, laat my dienskneg [a]William W. Phelps staan in die amp waarin Ek hom aangestel het, en sy erfenis ontvang in die land;

41 En ook, hy het nodig om te bekeer, want Ek, die Here, het nie welbehae in hom nie, want hy soek om te oortref, en hy is nie genoegsaam sagmoedig voor My nie.

42 Kyk, hy wat [a]bekeer het van sy sondes, hy is [b]vergewe, en Ek, die Here, [c]onthou hulle nie meer nie.

43 Hierdeur mag julle weet of 'n mens bekeer van sy sondes—kyk, hy sal hulle [a]bely en hulle [b]versaak.

28*a* GS Handelingsmag.
29*a* GS Verdoemenis.
30*a* Jes. 45:9–10; Hel. 12:6.
31*a* L&V 1:37–38; 82:10.
32*a* L&V 56:3–4.
33*a* L&V 29:45.
35*a* L&V 42:30–32.
37*a* L&V 57:11–12.
39*a* 2 Ne. 26:29; L&V 121:34–37.
40*a* GS Phelps, William W.
42*a* GS Bekeer, Bekering.
*b* Jes. 1:18. GS Vergewe.
*c* Jes. 43:25.
43*a* L&V 19:20; 64:7. GS Bely, Belydenis.
*b* L&V 82:7.

44 En nou, voorwaar, Ek sê aangaande die oorblyfsel van die ouderlinge van my kerk, die tyd het nog nie gekom, nie vir baie jare nie, vir hulle om hulle erfenis te ontvang in hierdie land, tensy hulle dit begeer deur die gebed van geloof, behalwe as dit aan hulle toegewys word deur die Here.

45 Want, kyk, hulle sal die mense [a]saamstoot vanaf die eindes van die aarde.

46 Nou, versamel julleself byeen; en hulle wat nie aangewys is om in hierdie land te bly nie, laat hulle die evangelie preek in die streke rondom; en laat hulle daarna terugkeer na hulle huise.

47 Laat hulle onderweg preek en getuienis [a]lewer van die waarheid in alle plekke, en die rykes, die hoës en die geringes, en die armes roep tot bekering.

48 En laat hulle [a]kerke stig, in soverre die inwoners van die aarde sal bekeer.

49 En laat daar ŉ agent aangestel word deur die stem van die kerk, vir die kerk in Ohio, om geld te ontvang om land te koop in [a]Sion.

50 En Ek gee aan my dienskneg Sidney Rigdon ŉ gebod, dat hy ŉ beskrywing sal [a]skryf van die land Sion, en ŉ verklaring van die wil van God, soos dit bekend gemaak sal word aan hom deur die Gees;

51 En ŉ brief en subskripsie, om voorgelê te word aan al die kerke om geld te verkry, om in die hande van die biskop geplaas te word, óf homself óf die agent, soos hy goeddink óf soos hy sal aanwys, om land te koop vir ŉ erfenis vir die kinders van God.

52 Want, kyk, voorwaar Ek sê vir julle, die Here wil dat die dissipels en die kinders van mense hulle harte moet open, naamlik om hierdie hele streek van die land te koop, so gou as die tyd dit sal toelaat.

53 Kyk, hier is wysheid. Laat hulle dit doen, andersins ontvang hulle geen [a]erfenis nie, tensy dit deur die vergieting van bloed is.

54 En weer, in soverre grond verkry is, laat daar werksmanne uitgestuur word van allerlei soorte na hierdie land, om te arbei vir die heiliges van God.

55 Laat al hierdie dinge ordelik gedoen word; en laat die moontlikhede van die land bekend gemaak word van tyd tot tyd, deur die biskop of die agent van die kerk.

56 En laat die werk van die versameling nie oorhaastig geskied nie, nóg deur vlug; maar laat dit gedoen word soos dit aangeraai word deur die ouderlinge van die kerk by die konferensies, volgens die kennis wat hulle ontvang van tyd tot tyd.

57 En laat my dienskneg Sidney Rigdon hierdie land heilig en

45*a* Deut. 33:17.
GS Israel—Die versameling van Israel.
47*a* L&V 68:8.
48*a* DI takke van die Kerk.
49*a* GS Sion.
50*a* L&V 63:55–56.
53*a* L&V 63:27–31.

toewy, en die plek vir die [a]tempel, aan die Here.
58 En laat ʼn konferensie-byeenkoms belê word; en daarna laat my diensknegte Sidney Rigdon en Joseph Smith, Jr., terugkeer, en ook Oliver Cowdery met hulle, om die oorblywende werk te voltooi wat Ek aan hulle toegewys het in hul eie land, en die res soos deur die konferensies [a]voorgeskryf.
59 En laat niemand terugkeer van hierdie land tensy hy onderweg [a]getuienis lewer van dit wat hy weet en vir seker glo nie.
60 Laat dit wat aan Ziba Peterson gegee is van hom weggeneem word; en laat hom staan as ʼn lid in die kerk, en arbei met sy eie hande, met die broers, totdat hy genoegsaam [a]gekasty is vir al sy sondes; want hy bely hulle nie, en hy dink om hulle te verberg.
61 Laat die res van die ouderlinge van hierdie kerk, wat na hierdie land kom, sommige waarvan uitermate geseënd is, selfs bomatig, ook ʼn konferensie hou in die land.
62 En laat my dienskneg Edward Partridge die konferensie lei wat deur hulle gehou sal word.
63 En laat hulle ook terugkeer, en die evangelie onderweg preek, en getuig van die dinge wat aan hulle geopenbaar word.
64 Want, voorwaar, die geluid moet uitgaan van hierdie plek na die hele wêreld, en na die eindes van die aarde—die evangelie moet [a]verkondig word aan elke skepsel, met [b]tekens wat diegene volg wat glo.
65 En kyk die Seun van die Mens [a]kom. Amen.

## AFDELING 59

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, in Sion, Jacksondistrik, Missouri, 7 Augustus 1831. Voor hierdie openbaring is die land geheilig, soos deur die Here gebied, en die terrein vir die toekomstige tempel is toegewy. Op die dag wat hierdie openbaring ontvang is, is Polly Knight, die vrou van Joseph Knight Snr. oorlede, die eerste lid van die Kerk wat in Sion sterf. Vroeë lede het hierdie openbaring beskou as "opdragte aan die Heiliges hoe om die sabbat te heilig en hoe om te vas en te bid."*

*1–4, Die getroue Heiliges in Sion sal geseën word; 5–8, Hulle moet die Here liefhê en dien en sy gebooie onderhou; 9–19, Deur die dag van*

57*a* L&V 57:3; 84:3–5, 31; 97:10–17.
58*a* GS Algemene Instemming.
59*a* GS Getuienis.
60*a* GS Kasty, Kastyding.
64*a* GS Preek.
*b* GS Teken.
65*a* GS Tweede Koms van Jesus Christus.

*die Here heilig te hou, word die Heiliges stoflik en geestelik geseën; 20–24, Die regverdiges word vrede beloof in hierdie wêreld en ewige lewe in die wêreld wat sal kom.*

Kyk, geseënd, sê die Here, is hulle wat na hierdie land opgekom het met 'n [a]oog enkel gerig op my heerlikheid, volgens my gebooie.

2 Want hulle wat lewe sal die aarde [a]beërwe, en hulle wat [b]sterf sal rus van al hulle arbeid, en hulle werke sal hulle volg; en hulle sal 'n [c]kroon ontvang in die [d]wonings van my Vader, wat Ek voorberei het vir hulle.

3 Ja, geseënd is hulle wie se voete op die land Sion staan, wat my evangelie gehoorsaam het; want hulle sal vir hul loon ontvang die goeie dinge van die aarde, en dit sal voortbring in sy [a]krag.

4 En hulle sal ook gekroon word met seëninge van bo, ja, en met nie min gebooie nie, en met [a]openbarings op hul tyd—hulle wat [b]getrou en [c]ywerig is voor my.

5 Daarom, Ek gee aan hulle 'n gebod, en sê aldus: Jy sal die Here jou God [a]liefhê met jou hele [b]hart, met al jou mag, verstand, en krag; en in die Naam van Jesus Christus sal jy hom [c]dien.

6 Jy sal jou [a]naaste liefhê soos jouself. Jy sal nie [b]steel nie; nóg [c]egbreuk pleeg, nóg [d]doodmaak, nóg iets dergeliks doen.

7 Jy sal die Here jou God [a]dank in alle dinge.

8 Jy sal 'n [a]offer bring aan die Here jou God in [b]regverdigheid, naamlik dit van 'n gebroke hart en 'n [c]berouvolle gees.

9 En dat jy jou meer ten volle [a]onbevlek mag hou van die wêreld, sal jy na die huis van gebed gaan en jou sakramente offer op my [b]heilige dag;

10 Want voorwaar dit is 'n dag wat toegewys is aan jou om te rus van jou arbeid, en om jou aanbidding aan die Allerhoogste te [a]betoon;

11 Nietemin, jou geloftes sal geoffer word in regverdigheid op alle dae en ten alle tye;

12 Maar onthou dat op hierdie, die dag van die Here, sal jy jou [a]offergawes en jou sakramente

---

**59** 1*a* Matt. 6:22–24; L&V 88:67.
2*a* Matt. 5:5; L&V 63:20, 48–49.
*b* Openb. 14:13. GS Dood, Fisiese; Paradys.
*c* GS Kroon; Verheffing.
*d* Joh. 14:2; L&V 72:4; 76:111; 81:6; 98:18.
3*a* Gén. 4:12; Moses 5:37.
4*a* L&V 42:61; 76:7; 98:12; 121:26–29. GS Openbaring.
*b* GS Waardig, Waardigheid.
*c* GS Ywer.
5*a* Deut. 11:1; Matt. 22:37; Moro. 10:32; L&V 20:19. GS Liefde.
*b* GS Hart.
*c* GS Diens.
6*a* GS Bevriend.
*b* GS Steel.
*c* GS Egbreuk.
*d* GS Moord.
7*a* Ps. 92:1; Alma 37:37; L&V 46:32. GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
8*a* GS Opoffer.
*b* GS Regverdigheid, Regverdig.
*c* GS Gebroke Hart.
9*a* Jak. 1:27.
*b* GS Sabbatdag.
10*a* GS Aanbid.
12*a* DI opofferings, hetsy tyd, talente of besittings in die diens van God en medemens. GS Opoffer.

aan die Allerhoogste offer, en jou
sondes [b]bely aan jou broers, en
voor die Here.
13 En op hierdie dag sal jy niks
anders doen nie, laat net jou kos
voorberei word met eenvoud van
hart sodat jou [a]vas volmaak mag
wees, of, met ander woorde, dat
jou [b]vreugde vol mag wees.
14 Voorwaar, dit is vas en gebed,
of, met ander woorde, blydskap
en gebed.
15 En in soverre julle hierdie
dinge doen met [a]danksegging,
met [b]opgeruimde [c]harte en ge-
sigte, nie met veel [d]gelag nie, want
dit is sonde, maar met 'n blye hart
en 'n opgeruimde gesig—
16 Voorwaar Ek sê dat in soverre
julle dit doen, is die volheid van
die aarde julle s'n, die diere van
die veld en die voëls van die lug,
en dit wat in die bome klim en op
die aarde loop;
17 Ja, en die kruid, en die goeie
dinge wat uit die aarde kom,
hetsy vir kos of vir klere, of vir
huise, of vir skure, of vir boorde,
of vir tuine, of vir wingerde;
18 Ja, alle dinge wat uit die
[a]aarde kom, in hul seisoen, is ge-
maak vir die voordeel en die ge-
bruik van die mens, beide om die
oog te behaag en om die hart te
verbly;
19 Ja, vir kos en vir klere, vir
smaak en vir reuk, om die lig-
gaam te versterk en om die siel
te verkwik.
20 En dit behaag God dat Hy al
hierdie dinge aan die mens gegee
het; want vir hierdie doel is hulle
gemaak om gebruik te word, met
oordeel, nie oormatig nie, nóg
deur dwang.
21 En in niks gee die mens [a]aan-
stoot aan God nie, of teen nie-
mand is sy toorn ontvlam nie,
behalwe hulle wat nie sy hand
[b]erken in alle dinge nie, en nie sy
gebooie gehoorsaam nie.
22 Kyk, dit is volgens die wet
en die profete; daarom, hinder
My nie meer aangaande hierdie
saak nie.
23 Maar leer dat hy wat die
werke van [a]regverdigheid doen sal
sy [b]loon ontvang, naamlik [c]vrede
in hierdie wêreld, en [d]ewige lewe
in die wêreld wat sal kom.
24 Ek, die Here, het dit gespreek,
en die Gees lewer getuienis. Amen.

## AFDELING 60

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Independence, Jackson-distrik, Missouri, 8 Augustus 1831. Tydens hierdie*

12 *b* GS Bely, Belydenis.
13 *a* GS Vas.
*b* GS Vreugde.
15 *a* GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
*b* Ex. 25:2; L&V 64:34.
*c* Spr. 17:22.
*d* L&V 88:69.
18 *a* GS Aarde.
21 *a* GS Aanstoot Gee.
*b* Job 1:21.
23 *a* GS Regverdigheid, Regverdig.
*b* GS Seën, Geseënd, Seëning.
*c* Matt. 11:28–30. GS Vrede.
*d* L&V 14:7.

*geleentheid het die ouderlinge wat na Jackson-distrik gereis het en deelgeneem het aan die toewyding van die land en die tempelterrein het begeer om te weet wat hulle moes doen.*

*1–9, Die ouderlinge moet die evangelie preek in die gemeentes van die bose; 10–14, Hulle moenie hulle tyd verspil nie, nóg hulle talente begrawe; 15–17, Hulle mag hulle voete was as ʼn getuienis teen diegene wat die evangelie verwerp.*

KYK, so sê die Here aan die ouderlinge van sy kerk, wat spoedig moet terugkeer na die land vanwaar hulle gekom het: Kyk, dit behaag My, dat julle hierheen opgekom het;

2 Maar in sommiges het Ek nie ʼn welbehae nie, want hulle wil nie hulle [a]monde open nie, maar hulle [b]verberg die talent wat Ek aan hulle gegee het, vanweë die [c]vrees vir die mens. Wee diesulkes, want my toorn is ontvlam teen hulle.

3 En dit sal gebeur, indien hulle nie getrouer aan my is nie, sal dit weg[a]geneem word, selfs dít wat hulle het.

4 Want Ek, die Here, heers in die hemele daarbo, en onder die [a]leërs van die aarde; en op die dag wanneer Ek my [b]juwele sal opmaak, sal alle mense weet wat dit is wat getuig van die krag van God.

5 Maar, voorwaar, Ek wil met julle spreek aangaande julle reis na die land vanwaar julle gekom het. Laat daar ʼn vaartuig gemaak word, of gekoop word, soos julle goeddink, dit maak nie vir My saak nie, en onderneem julle reis spoedig na die plek wat St. Louis genoem word.

6 En van daar, laat my diensknegte Sidney Rigdon, Joseph Smith, Jr., en Oliver Cowdery, hulle reis onderneem na Cincinnati;

7 En in hierdie plek, laat hulle hul stemme verhef en my woord verkondig met luide stemme, sonder toorn of twyfel, en heilige hande ophef oor hulle. Want Ek is in staat om julle [a]heilig te maak, en julle sondes is julle [b]vergewe.

8 En laat die oorblywendes hul reis onderneem van St. Louis, twee-twee, en die woord preek, nie inderhaas nie, onder die gemeentes van die bose, totdat hulle terugkeer na die kerke vanwaar hulle gekom het.

9 En dit alles tot die voordeel van die kerke; vir hierdie doel het Ek hulle gestuur.

10 En laat my dienskneg [a]Edward Partridge van die geld wat Ek hom gegee het deel, ʼn gedeelte aan my ouderlinge wat gebied is om terug te keer;

**60** 2*a* Efés. 6:19–20.
*b* Lk. 8:16, 18.
*c* Matt. 25:14–30. GS Vrees—Vrees vir die mens.
3*a* Mark. 4:25; L&V 1:33.
4*a* Alma 43:50.
*b* Jes. 62:3; Sag. 9:16; Mal. 3:17; L&V 101:3.
7*a* GS Heiligheid.
*b* GS Vergewe.
10*a* GS Partridge, Edward.

11 En hy wat in staat is, laat hom dit teruggee deur middel van die agent; en hy wat nie is nie, van hom word dit nie vereis nie.

12 En nou spreek Ek van die oorblywendes wat nog moet kom na hierdie land.

13 Kyk, hulle is gestuur om my evangelie te preek onder die gemeentes van die bose; daarom, Ek gee aan hulle ʹn gebod, as volg: Jy sal nie jou tyd [a]verspil nie, nóg sal jy jou [b]talent begrawe sodat dit nie bekend mag wees nie.

14 En nadat jy opgekom het na die land Sion, en my woord verkondig het, sal jy inderhaas terugkeer, en my woord verkondig onder die gemeentes van die bose, nie inderhaas nie, nóg in [a]toorn nóg met onenigheid.

15 En skud die [a]stof af van julle voete teen diegene wat julle nie ontvang nie, nie in hul teenwoordigheid nie, sodat julle hulle nie tart nie, maar in die geheim; en was julle voete, as ʹn getuienis teen hulle op die dag van oordeel.

16 Kyk, dit is genoeg vir julle, en die wil van Hom wat julle gestuur het.

17 En deur die mond van my dienskneg Joseph Smith, Jr., sal dit bekendgemaak word aangaande Sidney Rigdon en Oliver Cowdery. Die oorblyfsel hierna. Dit is so. Amen.

## AFDELING 61

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, op die oewer van die Missouri-rivier, McIlwaine se Draai, 12 Augustus 1831. Op hulle terugreis na Kirtland, het die Profeet en tien ouderlinge op die Missouri-rivier in kano's gereis. Op die derde dag van die reis is vele gevare beleef. Ouderling William W. Phelps, in ʹn daglig-visioen, het die vernietiger op die aangesig van die waters in mag gesien ry.*

*1–12, Die Here het beveel dat vele vernietigings op die waters sal plaasvind; 13–22, Die waters is vervloek deur Johannes, en die vernietiger ry op hul aangesig; 23–29, Sommiges het mag om die waters te gebied; 30–35, Ouderlinge moet twee-twee reis en die evangelie preek; 36–39, Hulle moet voorberei vir die koms van die Seun van die Mens.*

Kyk, en slaan ag op die stem van Hom wat alle [a]mag het, wat van ewigdurendheid tot ewigdurendheid is, naamlik [b]Alfa en Omega, die begin en die einde.

2 Kyk, voorwaar so sê die Here

13*a* L&V 42:42.
gs Lui, Luiheid.
*b* Matt. 25:24–30;
L&V 82:18.
14*a* Spr. 14:29.
15*a* Matt. 10:14;
Lk. 9:5;
Hand. 13:51;
L&V 24:15;
75:20; 84:92.
**61** 1*a* gs Krag.
*b* gs Alfa en Omega.

vir julle, o julle ouderlinge van my kerk, wat byeengekom het op hierdie plek, wie se sondes julle nou [a]vergewe is, want Ek, die Here, vergewe sondes, en is [b]barmhartig teenoor diegene wat hulle sondes [c]bely met nederige harte;

3 Maar voorwaar Ek sê vir julle dat dit nie noodsaaklik is vir hierdie hele geselskap van my ouderlinge om vinnig op die waters te beweeg nie, terwyl die inwoners aan beide kante vergaan in ongeloof.

4 Nietemin, Ek het dit toegelaat sodat julle getuienis mag lewer; kyk, daar is baie gevare op die waters, en meer veral hierna;

5 Want Ek, die Here, het in my toorn beveel dat vele vernietigings op die waters sal plaasvind; ja, en veral op hierdie waters.

6 Nietemin, alle vlees is in my hand, en hy wat getrou is onder julle, sal nie vergaan deur die waters nie.

7 Daarom, dit is raadsaam dat my dienskneg Sidney Gilbert en my dienskneg [a]William W. Phelps gou begin met hul opdrag en sending.

8 Nietemin, Ek wou nie toelaat dat julle moes vertrek totdat julle [a]getugtig was vir al julle sondes nie, dat julle een mag wees, sodat julle nie mag vergaan in [b]boosheid nie;

9 Maar nou, voorwaar Ek sê, dit is noodsaaklik vir My dat julle moet vertrek. Daarom, laat my diensknegte Sidney Gilbert en William W. Phelps saam met hul vorige geselskap gaan, en laat hulle hul reis gou onderneem sodat hulle hul sending mag vervul, en deur geloof sal hulle oorwin.

10 En in soverre hulle getrou is, sal hulle bewaar word, en Ek, die Here, sal met hulle wees.

11 En laat die oorblyfsel dít neem wat noodsaaklik is vir klere.

12 Laat my dienskneg Sidney Gilbert dít met hom neem wat nie noodsaaklik is nie, soos julle sal ooreenkom.

13 En nou, kyk, vir julle eie [a]onthalwe het Ek aan julle 'n [b]gebod gegee aangaande hierdie dinge; en Ek, die Here, sal met julle redeneer soos met mense in die dae van ouds.

14 Kyk, Ek, die Here, het in die begin die [a]waters geseën; maar in die laaste dae, by monde van my dienskneg Johannes, het Ek die waters [b]vervloek.

15 Daarom, die dae sal kom dat geen vlees veilig sal wees op die waters nie.

16 En dit sal gesê word in die dae wat kom dat niemand in staat is om op te gaan na die land Sion op die waters nie, behalwe hy wat opreg van hart is.

17 En, soos Ek, die Here, in die begin die land [a]vervloek het, net

2*a* Mosia 4:10–11.
GS Vergewe.
*b* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
*c* GS Bely, Belydenis.
7*a* GS Phelps, William W.
8*a* GS Kasty, Kastyding.
*b* GS Boos, Boosheid.
13*a* L&V 21:6.
*b* GS Gebooie van God.
14*a* Gén. 1:20.
*b* Openb. 8:8–11.
17*a* Moses 4:23.

so het Ek in die laaste dae dit geseën op sy tyd, vir die gebruik van my heiliges, sodat hulle die vettigheid daarvan mag gebruik.

18 En nou gee Ek aan julle ʼn gebod dat wat Ek aan een sê, sê Ek aan almal, dat julle jul broers vooraf sal waarsku aangaande hierdie waters, sodat hulle nie al reisende op hulle mag kom nie, ingeval hulle geloof faal en hulle gevang word in strikke;

19 Ek, die Here, het beveel, en die vernietiger ry op die aangesig daarvan, en Ek herroep nie die bevel nie.

20 Ek, die Here, was gister vertoorn op julle, maar vandag is my toorn afgewend.

21 Daarom, laat diegene van wie Ek gespreek het, wat hulle reis inderhaas moet onderneem—weer sê Ek vir julle, laat hulle hul reis gou onderneem.

22 En dit maak nie vir My saak nie, na ʼn rukkie nie, indien dit so is dat hulle hul sending vervul, of hulle op water of oor land gaan; laat dit wees soos dit bekendgemaak word aan hulle volgens hulle oordele hierna.

23 En nou, aangaande my diensknegte, Sidney Rigdon, Joseph Smith, Jr., en Oliver Cowdery, moenie hulle weer op die waters laat kom nie, tensy dit op die kanaal is, terwyl hulle reis na hulle huise; of met ander woorde hulle sal nie weer op die waters kom om te reis nie, behalwe op die kanaal.

24 Kyk, Ek, die Here, het ʼn weg bepaal vir my heiliges om te reis; en kyk, dit is die weg—dat nadat hulle die kanaal verlaat, sal hulle oor land reis, in soverre hulle gebied word om te reis en op te gaan na die land Sion.

25 En hulle sal soos die kinders van Israel doen, en hulle tente [a]opslaan langs die pad.

26 En, kyk, hierdie gebod sal julle gee aan al julle broers.

27 Nietemin, aan wie [a]mag gegee is om die waters te gebied, aan hom word dit gegee deur die Gees om al sy weë te ken;

28 Daarom, laat hom doen soos die Gees van die lewende God hom gebied, hetsy op die land of op die waters, so bly dit in My om hierna te doen.

29 En aan julle word die roete gegee vir die heiliges, of die weg vir die heiliges van die kamp van die Here, om te reis.

30 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, my diensknegte Sidney Rigdon, Joseph Smith, Jr., en Oliver Cowdery, sal nie hul monde open in die gemeentes van die bose nie totdat hulle in Cincinnati aankom;

31 En in daardie plek sal hulle hul stemme verhef na God teen daardie mense, ja, tot Hom wie se toorn ontvlam is teen hul boosheid, ʼn volk wat byna [a]ryp is vir vernietiging.

32 En vandaar, laat hulle reis na die gemeentes van hul broers,

25*a* Núm. 9:18.
27*a* GS Krag; Priesterskap.
31*a* Alma 37:31; Hel. 13:14; L&V 101:11.

want hul arbeid word nou meer oorvloedig benodig onder hulle as onder die gemeentes van die bose.
33 En nou, betreffende die oorblyfsel, laat hulle reis en die woord [a]verkondig onder die gemeentes van die bose, in soverre dit gegee is;
34 En in soverre hulle dit doen, sal hulle hul kleding [a]reinig, en hulle sal vlekkeloos wees voor My.
35 En laat hulle saam reis, [a]tweetwee, soos hulle goeddink, maar moenie dat my dienskneg Reynolds Cahoon, en my dienskneg Samuel H. Smith, in wie Ek 'n welbehae het, geskei word totdat hulle terugkeer na hulle huise nie, en dit vir 'n wyse doel in My.
36 En nou, voorwaar Ek sê vir julle, en wat Ek aan een sê, sê Ek aan almal, wees blymoedig, klein [a]kindertjies; want Ek is in julle [b]midde, en Ek het julle nie [c]verlaat nie;
37 En in soverre julle julself verootmoedig het voor My, is die seëninge van die [a]koninkryk julle s'n.
38 Omgord julle lendene en wees [a]waaksaam en ernstig, en sien uit na die koms van die Seun van die Mens, want hy kom op 'n uur wat julle nie verwag nie.
39 [a]Bid altyddeur sodat julle nie in die [b]versoeking kom nie, sodat julle die dag van sy koms mag verdra, hetsy in die lewe of die dood. Dit is so. Amen.

# AFDELING 62

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, op die oewer van die Missouri-rivier te Chariton, Missouri, 13 Augustus 1831. Op hierdie dag het die Profeet en sy groep, wat onderweg was van Independence na Kirtland, verskeie ouderlinge ontmoet wat onderweg was na die land Sion, en, na vreugdevolle begroetinge, hierdie openbaring ontvang.*

*1–3, Getuienisse word in die hemel opgeteken; 4–9, Die ouderlinge moet reis en preek volgens oordeel en soos aangewys deur die Gees.*

KYK, en slaan ag, o julle ouderlinge van my kerk, sê die Here julle God, naamlik Jesus Christus, julle [a]Voorspraak, wat die swakheid van die mens ken en hoe om hulle te [b]help wat [c]versoek word.
2 En voorwaar, my oë is op

33*a* GS Getuig; Preek.
34*a* 2 Ne. 9:44; Jakob 2:2; Mosia 2:28.
35*a* GS Sendingwerk.
36*a* Joh. 13:33.
*b* Matt. 18:20.
*c* Jes. 41:15–17; 1 Ne. 21:14–15.
37*a* L&V 50:35.
38*a* GS Waak, Wagte.
39*a* GS Gebed.
*b* GS Versoek, Versoeking.
**62** 1*a* L&V 45:3–4. GS Voorspraak.
*b* Hebr. 2:18; Alma 7:12.
*c* GS Versoek, Versoeking.

diegene wat nog nie opgegaan het na die land Sion nie; daarom is julle sending nog nie vervul nie.

3 Nietemin, julle is geseënd,
want die [a]getuienis wat julle gelewer het, is [b]opgeteken in die hemel vir die engele om te lees; en hulle verbly hulle oor julle, en julle [c]sondes is jul vergewe.

4 En nou, gaan voort met julle
reis. Versamel julleself op die land [a]Sion; en hou ʼn vergadering en verbly julle tesame, en offer ʼn sakrament aan die Allerhoogste.

5 En dan mag julle terugkeer om
getuienis te lewer, ja, en wel altesame, of twee-twee, soos julle goeddink, dit maak nie vir My saak nie; maar wees net getrou, en [a]verkondig blye tydings aan die bewoners van die aarde, of onder die gemeentes van die bose.

6 Kyk, Ek, die Here, het julle by-
eengebring sodat die belofte vervul mag word, dat die getroues onder julle bewaar moet word en hul saam verbly in die land Missouri. Ek, die Here, belowe die getroues en kan nie [a]lieg nie.

7 Ek, die Here, is gewillig, as
enige onder julle begeer om op perde te ry, of op muile, of in waens, hy hierdie seëning sal ontvang, indien hy dit van die hand van die Here ontvang, met ʼn [a]dankbare hart in alle dinge.

8 Hierdie dinge berus by julle
om te doen volgens oordeel en aanwysings van die Gees.

9 Kyk, die [a]koninkryk is julle
s'n. En kyk, en sien, Ek is altyd [b]met die getroues. Dit is so. Amen.

## AFDELING 63

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 30 Augustus 1831. Die Profeet, Sidney Rigdon, en Oliver Cowdery het op 27 Augustus in Kirtland aangekom van hulle besoek aan Missouri. Joseph Smith se geskiedenis beskryf hierdie openbaring: "In hierdie kinderdae van die kerk was daar ʼn groot gretigheid om die woord van die Here te bekom oor elke onderwerp wat op enige wyse ons heil aanraak; en aangesien die land Sion nou die belangrikste stoflike doelwit was, het ek by die Here navraag gedoen oor verdere inligting oor die versameling van die Heiliges, en die aankoop van die grond, en ander sake."*

*1–6, ʼn Dag van toorn sal oor die bose kom; 7–12, Tekens kom deur geloof; 13–19, Die owerspeliges van hart sal die geloof verloën en in die*

3 *a* Lk. 12:8–9.
GS Getuienis.
*b* GS Boek van die Lewe.
*c* L&V 84:61.
4 *a* L&V 57:1–2.
5 *a* GS Sendingwerk.
6 *a* Ether 3:12.
7 *a* GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
9 *a* L&V 61:37.
*b* Matt. 28:20.

*poel van vuur gewerp word; 20, Die getroues sal 'n erfenis ontvang op die verheerlikte aarde; 21, 'n Volle verslag van die gebeure op die Berg van Transfigurasie is nog nie geopenbaar nie; 22–23, Die gehoorsames ontvang die verborgenhede van die koninkryk; 24–31, Erfenisse in Sion moet gekoop word; 32–35, Die Here verorden oorloë, en die bose dood die bose; 36–48, Die Heiliges moet versamel in Sion en moet geld voorsien om dit op te bou; 49–54, Seëninge word verseker vir die getroues tydens die Tweede Koms, in die Opstanding, en gedurende die Millennium; 55–58, Dit is 'n dag van waarskuwing; 59–66, Die Here se Naam word ydellik gebruik deur diegene wat dit gebruik sonder gesag.*

Slaan ag, o julle mense, en open
julle harte en neig die oor van
veraf; en luister, julle wat julle-
self die volk van die Here noem,
en hoor die woord van die Here
en sy wil aangaande julle.
2 Ja, voorwaar, Ek sê, hoor die
woord van Hom wie se toorn ont-
vlam is teen die bose en [a]rebelses;
3 Wat wil neem wie ook al hy
wil [a]neem, en hulle bewaar in die
lewe wie hy wil bewaar;
4 Wat opbou volgens sy eie wil
en behae; en vernietig wanneer
Hy wil, en in staat is om die siel
neer te werp in die hel.
5 Kyk, Ek, die Here, uiter my
stem, en dit sal gehoorsaam word.
6 Daarom, voorwaar sê Ek, laat
die bose kennis neem, en laat die
rebelses vrees en bewe; en laat die
ongelowiges hulle lippe toehou,
want die [a]dag van toorn sal oor
hulle kom soos 'n [b]warrelwind, en
alle vlees sal [c]weet dat Ek God is.
7 En hy wat soek na tekens sal
[a]tekens sien, maar nie tot heil nie.
8 Voorwaar, Ek sê vir julle, daar
is diegene onder julle wat tekens
soek, en daar was diesulkes selfs
vanaf die begin.
9 Maar, kyk, geloof kom nie
deur tekens nie, maar tekens volg
diegene wat glo.
10 Ja, tekens kom deur [a]geloof,
nie deur die wil van mense nie,
nóg soos hulle wil, maar deur die
wil van God.
11 Ja, tekens kom deur geloof,
tot magtige werke, want sonder
[a]geloof kan geen mens die Here
behaag nie; en in diegene wat
God vertoorn, het Hy nie 'n wel-
behae nie; daarom, aan diesul-
kes toon hy geen tekens nie, net
in [b]toorn tot hulle [c]veroordeling.
12 Daarom, Ek die Here, het
nie 'n welbehae in diegene onder
julle wat gesoek het na tekens en
wonders vir geloof, en nie tot die
voordeel van mense tot my heer-
likheid nie.
13 Nietemin, Ek gee gebooie,
en vele het weggedraai van my

**63** 2*a* GS Rebellie.
3*a* GS Dood, Fisiese.
6*a* GS Geregtigheid; Tweede Koms van Jesus Christus.
*b* Jer. 30:23.
*c* Jes. 49:26.
7*a* L&V 46:9. GS Teken.
10*a* Moro. 7:37. GS Geloof, Glo.
11*a* Hebr. 11:6.
*b* L&V 35:11.
*c* L&V 88:65.

gebooie en het hulle nie onder-
hou nie.
14 Daar was onder julle [a]egbre-
kers en egbreeksters; sommige van
wie weggedraai het van julle, en
andere bly onder julle wat hierna
openbaar gemaak sal word.
15 Laat diesulkes oppas en spoe-
dig bekeer, sodat oordeel nie oor
hulle kom soos 'n strik nie, en
hulle dwaasheid openbaar ge-
maak sal word, en hulle werke sal
hulle volg in die oë van die volk.
16 En voorwaar Ek sê vir julle,
soos Ek voorheen gesê het, hy wat
na 'n vrou [a]kyk om haar te [b]be-
geer, of indien enigeen [c]egbreuk
sal pleeg in hul harte, sal hulle nie
die Gees hê nie, maar sal die ge-
loof verloën en sal vrees.
17 Daarom, Ek, die Here, het
gesê dat die [a]bevreesdes, en die
ongelowiges, en alle [b]leuenaars,
en wie ook al wat 'n leuen lief-
het en [c]lieg, en die hoereerder, en
die towenaar, sal hulle deel hê in
daardie [d]poel wat brand met vuur
en swael, wat die [e]tweede dood is.
18 Voorwaar Ek sê, dat hulle nie
deel sal hê in die [a]eerste opstan-
ding nie.
19 En nou kyk, Ek die Here, sê
vir julle dat julle nie [a]geregverdig
is nie, want hierdie dinge is on-
der julle.
20 Nietemin, hy wat [a]volhard in
geloof en my wil doen, hy sal oor-
win, en sal 'n [b]erfenis ontvang op
die aarde wanneer die dag van
transfigurasie sal kom;
21 Wanneer die [a]aarde [b]verheer-
lik sal word, ja volgens die voor-
beeld wat aan my apostels getoon
is op die [c]berg; van welke verslag
julle nog nie die volheid ontvang
het nie.
22 En nou, voorwaar Ek sê vir
julle, dat soos Ek gesê het dat Ek
my wil aan julle sou bekendmaak,
kyk Ek sal dit aan julle bekend-
maak, nie by wyse van gebod nie,
want daar is vele wat nie my ge-
booie onderhou nie.
23 Maar aan hom wat my ge-
booie onderhou, sal Ek die [a]ver-
borgenhede van my koninkryk
gee, en dit sal in hom 'n fontein
wees van [b]lewende water, wat [c]op-
spring tot die ewigdurende lewe.
24 En nou, kyk, dit is die wil van
die Here jou God aangaande sy
heiliges, dat hulle hulself byeen
moet versamel in die land Sion,
nie in haas nie, sodat daar nie ver-
warring mag wees nie, wat pesti-
lensie bring.

14 *a* L&V 42:24–25.
16 *a* Matt. 5:27–28; L&V 42:23–26.
*b* GS Begeerte, Groot; Wellus, Wellustigheid.
*c* GS Egbreuk.
17 *a* Openb. 21:8.
*b* GS Lieg.
*c* Openb. 22:15; L&V 76:103.
*d* Openb. 19:20; 2 Ne. 9:8–19, 26; 28:23; Jakob 6:10; Alma 12:16–18; L&V 76:36. GS Hel.
*e* GS Dood, Geestelike.
18 *a* Openb. 20:6.
19 *a* GS Regverdigmaking, Regverdig.
20 *a* L&V 101:35.
*b* Matt. 5:5; L&V 59:2; 88:25–26.
21 *a* GS Aarde—Finale toestand van die aarde.
*b* GS Wêreld—Einde van die wêreld.
*c* Matt. 17:1–3.
23 *a* Alma 12:9–11; L&V 42:61; 84:19; 107:18–19.
*b* GS Lewende Water.
*c* Joh. 4:14.

25 Kyk, die land [a]Sion—Ek, die Here, hou dit in my eie hand;

26 Nietemin, Ek, die Here, gee aan die [a]Keiser dié dinge wat die Keiser s'n is.

27 Daarom, Ek die Here, wil dat julle die grond moet koop, sodat julle voordeel mag hê oor die wêreld, sodat julle reg mag hê tot die wêreld, sodat hulle nie opgeroer mag word tot woede nie.

28 Want [a]Satan plaas dit in hulle harte tot woede teen julle, en tot die vergieting van bloed.

29 Daarom, die land Sion sal nie bekom word nie, behalwe deur aankoop of deur bloed, anders is daar geen erfenis vir julle nie.

30 En indien deur aankoop, kyk julle is geseënd.

31 En indien deur bloed, aangesien julle verbied is om bloed te vergiet, sien, julle vyande is op julle, en julle sal gegésel word van stad tot stad, en van sinagoge tot sinagoge, en slegs 'n paar sal staan om 'n erfenis te ontvang.

32 Ek, die Here, is vertoorn op die bose; Ek weerhou my Gees van die bewoners van die aarde.

33 Ek het gesweer in my toorn, en [a]oorloë verorden op die aangesig van die aarde, en die bose sal die bose doodmaak, en vrees sal oor elkeen kom.

34 En ook die [a]heiliges sal nouliks ontsnap; nietemin, Ek, die Here, is met hulle, en sal [b]neerdaal in die hemel van die teenwoordigheid van my Vader en die [c]bose verteer met onblusbare [d]vuur.

35 En kyk, dit is nog nie, maar weldra.

36 Daarom, siende dat Ek, die Here, hierdie dinge verorden het op die aangesig van die aarde, wil Ek dat my heiliges versamel word op die land Sion.

37 En dat elkeen [a]regverdigheid in sy hande sal neem en getrouheid om sy lendene, en 'n waarskuwende [b]stem verhef tot die bewoners van die aarde; en verklaar beide deur woord en deur vlug dat [c]verlatenheid op die bose sal neerkom.

38 Daarom, laat my dissipels in Kirtland hulle stoflike sake reël, wat op hierdie plaas woon.

39 Laat my dienskneg Titus Billings, wat in beheer is daarvan, hierdie grond verkoop, sodat hy voorbereid mag wees in die komende lente om sy reis te onderneem na die land Sion, met diegene wat op die aangesig daarvan woon, behalwe diegene wat Ek sal bewaar vir Myself, wat nie sal gaan tot Ek hulle gebied nie.

40 En laat alle geld wat gespaar kan word, dit maak nie vir My

25 *a* GS Sion.
26 *a* Lk. 20:25; L&V 58:21–23. GS Regering.
28 *a* GS Duiwel.
33 *a* GS Oorlog.
34 *a* GS Heilige.
*b* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
*c* Matt. 3:12; 2 Ne. 26:6; L&V 45:57; 64:24; 101:23–25, 66. GS Boos, Boosheid.
*d* GS Vuur.
37 *a* GS Regverdigheid, Regverdig.
*b* L&V 1:4.
*c* Jes. 47:11.

saak of dit min of veel is nie, gestuur word na die land Sion, aan hulle wat Ek aangestel het om te ontvang.

41 Kyk, Ek die Here, sal aan my dienskneg Joseph Smith, Jr., mag gee sodat hy in staat sal wees om deur die Gees diegene te [a]onderskei wat sal opgaan na die land Sion, en diegene van my dissipels wat sal agterbly.

42 Laat my dienskneg Newel K. Whitney sy winkel behou, of met ander woorde, die winkel, vir nog ’n kort tydjie.

43 Nietemin, laat hom al die geld deel wat hy kan deel, om opgestuur te word na die land Sion.

44 Kyk, hierdie dinge is in sy eie hande, laat hom volgens wysheid handel.

45 Voorwaar, Ek sê, laat hom geordeneer word as agent vir die dissipels wat sal agterbly, en laat hom geordineer word tot hierdie mag.

46 En nou, besoek spoedig die kerke, en verduidelik hierdie dinge aan hulle, saam met my dienskneg Oliver Cowdery. Kyk, dit is my wil, verkryging van geld soos Ek aangedui het.

47 Hy wat [a]getrou is en volhard, sal die wêreld oorwin.

48 Hy wat skatte opstuur na die land Sion sal ’n [a]erfenis ontvang in hierdie wêreld, en sy werke sal hom volg, en ook ’n beloning in die toekomende wêreld.

49 Ja, en geseënd is die dode wat in die Here [a]sterwe, van nou af, wanneer die Here sal kom, en ou dinge sal [b]verbygaan, en alle dinge sal nuut word, hulle sal [c]opstaan uit die dood en sal nie agterna [d]sterwe nie, en sal ’n erfenis ontvang voor die Here, in die heilige stad.

50 En hy wat lewe wanneer die Here sal kom, en die geloof behou het, [a]geseënd is hy; nietemin, dit is aan hom gegee om te [b]sterf op die leeftyd van die mens.

51 Daarom, kinders [a]sal [b]grootword totdat hulle oud word; ou mense sal sterwe; maar hulle sal nie slaap in die stof nie, maar hulle sal [c]verander word binne ’n oogwink.

52 Daarom, om hierdie rede het die apostels aan die wêreld die opstanding van die dode gepreek.

53 Hierdie dinge is die dinge waarna julle moet soek; en sprekende volgens die wyse van die Here, hulle is nou [a]op hande, en in ’n toekomstige tyd, naamlik op die dag van die koms van die Seun van die Mens.

54 En tot daardie uur sal daar dwase [a]maagde wees onder die

---

41*a* GS Onderskeiding, Gawe van.
47*a* Mosia 2:41; L&V 6:13.
48*a* L&V 101:18.
49*a* Openb. 14:13; L&V 42:44–47.
*b* 2 Kor. 5:17.
*c* GS Opstanding.
*d* Openb. 21:4; Alma 11:45; L&V 88:116. GS Onsterflik, Onsterflikheid.
50*a* GS Seën, Geseënd, Seëning.
*b* GS Dood, Fisiese.
51*a* GS Millennium.
*b* Jes. 65:20–22; L&V 45:58; 101:29–31.
*c* 1 Kor. 15:51–52; L&V 43:32.
53*a* L&V 35:15.
54*a* Matt. 25:1–13; L&V 45:56–59.

verstandiges; en op daardie uur kom ʼn volkome skeiding van die regverdiges en die bose; en op daardie dag sal Ek my engele [b]stuur om die bose uit te pluk en in die onblusbare vuur te werp.

55 En nou kyk, voorwaar Ek sê vir julle, Ek, die Here, skep nie welbehae in my dienskneg [a]Sidney Rigdon nie; hy het homself [b]verhef in sy hart, en nie raad aanvaar nie, maar die Gees gegrief.

56 Daarom, sy [a]geskrif is nie aanvaarbaar vir die Here nie, en hy sal ʼn ander maak; en indien die Here dit nie ontvang nie, kyk, hy staan nie langer in die amp waarin Ek hom aangestel het nie.

57 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, [a]diegene wat in hulle harte begeer, in sagmoedigheid, om sondaars te [b]waarsku tot bekering, laat hulle geordineer word tot hierdie mag.

58 Want dit is ʼn dag van waarskuwing, en nie ʼn dag van veel woorde nie. Want Ek die Here, laat My nie bespot in die laaste dae nie.

59 Kyk, Ek is van bo, en my mag lê benede. Ek is oor alles, en in alles, en deur alles, en [a]ondersoek alle dinge, en die dag kom dat alle dinge onderworpe sal wees aan My.

60 Kyk, Ek is [a]Alfa en Omega, naamlik Jesus Christus.

61 Daarom, laat alle mense oppas hoe hulle my [a]Naam op hulle lippe neem—

62 Want kyk, voorwaar Ek sê, dat daar vele is wat onder hierdie veroordeling is, wat die Naam van die Here gebruik, en dit ydellik gebruik, sonder om gesag te hê.

63 Daarom, laat die kerk bekeer van hulle sondes, en Ek, die Here, sal hulle eien; anders sal hulle afgesny word.

64 Onthou dat dit wat van bo kom is [a]heilig, en moet met omsigtigheid [b]gespreek word, en deur beteueling deur die Gees; en hierin is daar geen veroordeling nie, en julle ontvang die Gees [c]deur gebed; daarom, daarsonder bly daar veroordeling.

65 Laat my diensknegte, Joseph Smith, Jr., en Sidney Rigdon, vir hulle ʼn tuiste soek, soos hulle geleer word deur [a]gebed deur die Gees.

66 Hierdie dinge bly om oorwin te word deur geduld, sodat dié ʼn meer oortreffende en ewige [a]gewig van [b]heerlikheid mag ontvang, anders, ʼn groter veroordeling. Amen.

54*b* Mosia 16:2.
55*a* GS Rigdon, Sidney.
*b* GS Hoogmoed.
56*a* L&V 58:50.
57*a* L&V 4:3–6.
*b* L&V 18:14–15. GS Sendingwerk; Waarsku, Waarskuwing.
59*a* 1 Kor. 2:10.
60*a* GS Alfa en Omega.
61*a* GS Oneerbiedigheid.
64*a* GS Heilig.
*b* GS Eerbied.
*c* L&V 42:14.
65*a* GS Gebed.
66*a* 2 Kor. 4:17.
*b* Rom. 8:18; L&V 58:4; 136:31.

# AFDELING 64

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan die ouderlinge van die Kerk te Kirtland, Ohio, 11 September 1831. Die Profeet was besig om voor te berei om na Hiram, Ohio te trek om sy werk aan die vertaling van die Bybel voort te sit, wat tersyde gestel is terwyl hy in Missouri was. 'n Groep broers wat gebied is om te reis na Sion (Missouri) was ywerig besig om voorbereidings te tref om in Oktober te vertrek. Op hierdie besige tydstip is die openbaring ontvang.*

*1–11, Die Heiliges word gebied om mekaar te vergewe, sodat die groter sonde nie in hulle bly nie; 12–22, Die onbekeerdes moet voor die Kerk gebring word; 23–25, Hy wat tiendes betaal, sal nie verbrand word by die koms van die Here nie; 26–32, Die Heiliges word gewaarsku teen skuld; 33–36, Die rebelses sal afgesny word van Sion; 37–40, Die Kerk sal die nasies oordeel; 41–43, Sion sal floreer.*

KYK, so sê die Here julle God vir julle, o julle ouderlinge van my kerk, slaan ag julle en hoor, en ontvang my wil aangaande julle.

2 Want voorwaar Ek sê vir julle, Ek wil dat julle die wêreld sal [a]oorwin; daarom sal Ek [b]ontferming hê oor julle.

3 Daar is diegene onder julle wat gesondig het; maar voorwaar Ek sê, vir hierdie een keer, vir my eie [a]heerlikheid en vir die heil van siele, het Ek julle jul sondes [b]vergewe.

4 Ek sal barmhartig wees teenoor julle, want Ek het aan julle die koninkryk gegee.

5 En die [a]sleutels van die verborgenhede van die koninkryk sal nie van my dienskneg Joseph Smith, Jr., geneem word deur die wyse wat Ek aangestel het terwyl hy lewe nie, in soverre hy my [b]ordinansies gehoorsaam.

6 Daar is diegene wat geleentheid teen hom gesoek het sonder oorsaak;

7 Nietemin, hy het gesondig; maar voorwaar Ek sê vir julle, Ek, die Here, [a]vergewe sondes van diegene wat hulle sondes voor My [b]bely en vergifnis vra, wat nie gesondig het tot die [c]dood nie.

8 My dissipels, in dae van ouds, het [a]rede teen mekaar gesoek en mekaar nie vergewe in hulle harte nie; en vanweë hierdie kwaad is hulle verdruk en swaar [b]gekasty.

9 Daarom, Ek sê vir julle, dat julle mekaar behoort te [a]vergewe; want hy wat nie sy broer sy oor-

**64** 2*a* 1 Joh. 5:4.
*b* GS Medelye.
3*a* Moses 1:39.
*b* Jes. 43:25.
5*a* L&V 28:7; 84:19. GS Sleutels van die Priesterskap.
*b* GS Ordinansies.
7*a* GS Vergewe; Vergifnis van Sondes.
*b* Núm. 5:6–7; L&V 19:20; 58:43. GS Bely, Belydenis.
*c* L&V 76:31–37.
8*a* GS Twis.
*b* GS Kasty, Kastyding.
9*a* Mark. 11:25–26; L&V 82:1.

tredings [b]vergewe nie, staan veroordeel voor die Here; want daar bly in hom die groter sonde.

10 Ek, die Here, sal [a]vergewe wie Ek wil vergewe, maar van julle word dit vereis dat julle alle mense sal [b]vergewe.

11 En julle behoort in julle harte te sê—laat God [a]oordeel tussen my en jou, en jou beloon volgens jou [b]dade.

12 En hy wat nie bekeer van sy sondes nie, en hulle nie bely nie, sal julle voor die [a]kerk bring, en met hom doen soos die skriftuur aan julle aandui, hetsy deur gebod of deur openbaring.

13 En dit sal julle doen sodat God verheerlik mag word—nie omdat julle nie vergewe nie, omdat julle nie ontferming het nie, maar sodat julle geregverdig mag word in die oë van die wet, sodat julle nie teen Hom wat julle wetgewer is, sondig nie—

14 Voorwaar Ek sê, om hierdie rede sal julle hierdie dinge doen.

15 Kyk, Ek, die Here, was vertoornd op hom wat my dienskneg Ezra Booth was, en ook my dienskneg Isaac Morley, want hulle het nie die wet onderhou nie, nóg die gebod;

16 Hulle het die kwade gesoek in hulle harte, en Ek, die Here, het my Gees weerhou. Hulle het daardie dinge waarin daar geen kwaad was nie as kwaad [a]veroordeel; nietemin, Ek het my dienskneg Isaac Morley vergewe.

17 En ook my dienskneg [a]Edward Partridge, kyk, hy het gesondig, en [b]Satan soek om sy siel te vernietig; maar wanneer hierdie dinge bekend gemaak word aan hulle, en hulle bekeer van die kwade, dan sal hulle vergewe word.

18 En nou, voorwaar, Ek sê dit is raadsaam in My dat my dienskneg Sidney Gilbert, na ′n paar weke, sal terugkeer na sy sake, en tot sy agentskap in die land Sion;

19 En dit wat hy gesien en gehoor het, mag bekendgemaak word aan my dissipels, sodat hulle nie vergaan nie. En om hierdie rede het Ek hierdie dinge gespreek.

20 En verder, Ek sê vir julle, sodat my dienskneg Isaac Morley nie [a]versoek mag word bo dit wat hy in staat is om te verdra nie, en julle raadgee tot julle nadeel, het Ek ′n gebod gegee dat sy plaas verkoop moet word.

21 Ek wil nie dat my dienskneg Frederick G. Williams sy plaas moet verkoop nie, want, Ek, die Here, wil ′n vesting behou in die land Kirtland, vir ′n tydperk van vyf jaar, waarin Ek nie die goddelose sal omvergooi nie, sodat Ek daardeur sommiges mag red.

22 En na daardie dag, sal Ek, die Here, niemand [a]skuldig ag wat

9 *b* Matt. 6:14–15; Efés. 4:32.
10 *a* Ex. 33:19; Alma 39:6; L&V 56:14.
*b* Mosia 26:29–31.
11 *a* 1 Sam. 24:12.
*b* 2 Tim. 4:14.
12 *a* L&V 42:80–93.
16 *a* 2 Ne. 15:20; L&V 121:16.
17 *a* GS Partridge, Edward.
*b* GS Duiwel.
20 *a* GS Versoek, Versoeking.
22 *a* GS Skuld.

met ′n ope hart opgaan na die land Sion; want Ek, die Here, vereis die [b]harte van die kinders van mense.

23 Kyk, nou word dit [a]vandag genoem tot die [b]koms van die Seun van die Mens, en voorwaar dit is ′n dag van [c]opoffering, en ′n dag vir die tiendeheffing van my volk; want hy wat ′n [d]tiende gee, sal nie [e]verbrand word by sy koms nie.

24 Want na vandag kom die [a]verbranding—dit is, sprekende volgens die wyse van die Here—want voorwaar Ek sê, môre sal al die [b]hoogmoediges en diegene wat boosheid pleeg soos stoppels wees; en Ek sal hulle verbrand, want Ek is die Here van die Leërskare; en Ek wil niemand spaar wat in [c]Babilon bly nie.

25 Daarom, as julle My glo, sal julle arbei terwyl dit vandag genoem word.

26 En dit is nie raadsaam dat my diensknegte [a]Newel K. Whitney en Sidney Gilbert hulle [b]winkel en hul besittings hier moet verkoop nie; want dit is nie wysheid nie tot die res van die kerk, wat in hierdie plek bly, sal opgaan na die land Sion.

27 Kyk, dit word gesê in my wette, of verbied, om in die [a]skuld te raak by julle vyande;

28 Maar kyk, dit word nie op enige tydstip gesê dat die Here nie sal neem wanneer hy wil, en betaal soos Hy goeddink nie.

29 Daarom, aangesien julle agente is, is julle in diens van die Here; en wat julle ook al doen volgens die wil van die Here, is die Here se saak.

30 En hy het julle aangestel om te voorsien vir sy heiliges in hierdie laaste dae, sodat hulle ′n [a]erfenis mag ontvang in die land Sion.

31 En kyk, Ek, die Here, verklaar aan julle, en my [a]woorde is seker en sal nie [b]faal nie, dat hulle dit sal verkry.

32 Maar alle dinge moet geskied op hulle tyd.

33 Daarom, moenie [a]moeg word om goed te doen nie, want julle lê die fondament van ′n groot werk. En vanuit klein [b]dingetjies gaan dit wat groot is voort.

34 Kyk, die Here [a]vereis die [b]hart en ′n gewillige verstand; en die gewilliges en [c]gehoorsames sal die goeie van die land Sion eet in hierdie laaste dae.

---

22 *b* Ex. 35:5; L&V 59:15; 64:34.
23 *a* L&V 45:6; 64:24–25.
*b* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
*c* GS Opoffer.
*d* Mal. 3:10–11. GS Tiende, Tiendes.
*e* Mal. 4:1; 3 Ne. 25:1; JS—G 1:37.
24 *a* Jes. 66:15–16. GS Aarde—Reiniging van die aarde; Wêreld—Einde van die wêreld.
*b* Mal. 3:15; 2 Ne. 12:12; 23:11. GS Hoogmoed.
*c* L&V 1:16. GS Babel, Babilon.
26 *a* GS Whitney, Newel K.
*b* L&V 57:8.
27 *a* GS Skuld.
30 *a* L&V 63:48.
31 *a* Mark. 13:31; 2 Ne. 31:15; L&V 1:37–38.
*b* L&V 76:3.
33 *a* Gal. 6:9.
*b* L&V 123:16.
34 *a* Miga 6:8.
*b* Deut. 32:46; Jos. 22:5; Morm. 9:27. GS Hart.
*c* Jes. 1:19. GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.

35 En die [a]rebelses sal [b]afgesny
word vanuit die land Sion, en sal
weggestuur word, en sal nie die
land beërwe nie.
36 Want, voorwaar, Ek sê dat die
rebelses nie van die bloed van [a]Ef-
raim is nie, daarom sal hulle uit-
gepluk word.
37 Kyk, Ek, die Here, het my
kerk gemaak in hierdie laaste dae
soos ′n regter, sittende op ′n heu-
wel, of in ′n hoë plek, om die na-
sies te oordeel.
38 Want dit sal gebeur dat die
inwoners van Sion alle dinge sal
[a]oordeel betreffende Sion.
39 En leuenaars en huigelaars
sal deur hulle bewys word, en
hulle wat nie [a]apostels en pro-
fete is nie sal bekend wees.
40 En selfs die [a]biskop, wat ′n
[b]regter is, en sy raadgewers, in-
dien hulle nie getrou is in hul
[c]rentmeesterskappe nie, sal ver-
oordeel word, en [d]ander sal in
hulle plek geplant word.
41 Want, kyk, Ek sê vir julle dat
[a]Sion sal floreer, en die [b]heerlik-
heid van die Here sal oor haar
wees;
42 En sy sal ′n [a]vaandel wees vir
die volk, en daar sal na haar kom
vanuit elke nasie onder die he-
mel.
43 En die dag sal kom wanneer
die nasies van die aarde sal [a]bewe
vanweë haar, en sal vrees vanweë
haar verskriklikes. Die Here het
dit gespreek. Amen.

# AFDELING 65

*Openbaring oor gebed gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Hiram, Ohio, 30 Oktober 1831.*

*1–2, Die sleutels van die koninkryk van God word aan die mens toevertrou op die aarde en die saak van die evangelie sal oorwin; 3–6, Die millenniaanse koninkryk van die hemel sal kom en aansluit by die koninkryk van God op die aarde.*

SLAAN ag, en sien, ′n stem soos
van een afgestuur van omhoog,
wat magtig en kragtig is, wie se
uitgang na die eindes van die
aarde is, ja, wie se stem tot mense
is—[a]Berei julle die weg van die
Here voor, maak sy paaie reguit.
2 Die [a]sleutels van die [b]konink-
ryk van God word toevertrou aan
die mens op die aarde, en vandaar

35 *a* GS Rebellie.
*b* L&V 41:5; 50:8–9; 56:3. GS Ekskommunikeer.
36 *a* Deut. 33:16–17.
38 *a* Jes. 2:3–4; L&V 133:21.
39 *a* Openb. 2:2. GS Apostel.
40 *a* GS Biskop.
*b* L&V 58:17; 107:72–74.
*c* GS Rentmeester, Rentmeesterskap.
*d* L&V 107:99–100.
41 *a* GS Sion.
*b* L&V 45:67; 84:4–5; 97:15–20. GS Heerlikheid.
42 *a* GS Vaandel.
43 *a* Jes. 60:14; L&V 97:19–20.
**65** 1 *a* Jes. 40:3; Matt. 3:3; Joh. 1:23.
2 *a* Matt. 16:19; L&V 42:69. GS Sleutels van die Priesterskap.
*b* L&V 90:1–5.

sal die evangelie voortrol tot die eindes van die aarde, net soos die [c]klip wat uit die berg gesny was sonder hande sal voortrol totdat dit die hele aarde [d]gevul het.

3 Ja, 'n stem wat roep—Berei julle die weg van die Here, berei julle die [a]maaltyd van die Lam, maak gereed vir die [b]Bruidegom.

4 Bid tot die Here, roep sy heilige Naam aan, maak sy wonderlike werke bekend onder die volk.

5 Roep die Here aan, sodat sy koninkryk mag uitgaan op die aarde, sodat die inwoners daarvan dit mag ontvang, en voorbereid wees vir die dae wat kom, waarin die Seun van die Mens sal [a]neerdaal in die hemel, [b]geklee in die helderheid van sy [c]heerlikheid, om die [d]koninkryk van God te ontmoet wat opgerig is op die aarde.

6 Daarom mag die [a]koninkryk van God uitgaan sodat die [b]koninkryk van die hemel mag kom, sodat U, o God, verheerlik mag word in die hemel soos op die aarde, sodat u vyande oorwin mag word, want aan [c]U behoort die eer, krag en heerlikheid, vir ewig en ewig. Amen.

# AFDELING 66

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Hiram, Ohio, 29 Oktober 1831. William E. McLellin het by die Here in die geheim gepleit om deur die Profeet die antwoord op vyf vrae bekend te maak wat nie aan Joseph Smith bekend was nie. Op McLellin se versoek het die Profeet by die Here navraag gedoen en hierdie openbaring ontvang.*

*1–4, Die ewigdurende verbond is die volheid van die evangelie; 5–8, Ouderlinge moet preek, getuig en met die mense redeneer; 9–13, Getroue geestelike bediening verseker 'n erfenis van die ewige lewe.*

KYK, so sê die Here vir my dienskneg William E. McLellin—Geseënd is jy, in soverre jy weggedraai het van jou ongeregtighede, en my waarhede ontvang het, sê die Here jou Verlosser, die Saligmaker van die wêreld, en wel van soveel as wat in my Naam [a]glo.

2 Voorwaar Ek sê vir jou, geseënd is jy omdat jy my [a]ewigdurende verbond ontvang het,

2*c* Dan. 2:34–45.
*d* Ps. 72:19.
GS Daniël—Die boek van Daniël; Laaste Dae.
3*a* Matt. 22:1–14; Openb. 19:9; L&V 58:11.
*b* GS Bruidegom.
5*a* Matt. 24:30.
*b* Ps. 93:1.
*c* GS Heerlikheid.
*d* Dan. 2:44.
6*a* GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
*b* Openb. 11:15.
*c* 1 Kron. 29:11; Matt. 6:13.
**66** 1*a* Joh. 1:12.
GS Geloof, Glo.
2*a* GS Nuwe en Ewigdurende Verbond.

naamlik die volheid van my evangelie, uitgestuur aan die kinders van mense, sodat hulle [b]lewe mag hê en deelgenote gemaak word van die heerlikhede wat in die laaste dae geopenbaar sal word, soos dit geskryf is deur die profete en apostels in die dae van ouds.

3 Voorwaar Ek sê vir jou, my dienskneg William, dat jy skoon is, maar nie alles nie; bekeer, daarom, van daardie dinge wat nie welbehaaglik in my oë is nie, sê die Here, want die Here sal hulle aan jou [a]toon.

4 En nou, voorwaar, Ek die Here, sal aan jou toon wat Ek wil aangaande jou, of wat my wil is aangaande jou.

5 Kyk, voorwaar Ek sê vir jou, dat dit my wil is dat jy my evangelie sal [a]verkondig van gebied tot gebied, en van stad tot stad, ja, in daardie streke rondomheen waar dit nie verkondig is nie.

6 Vertoef nie vele dae op hierdie plek nie; gaan nie nou op na die land Sion nie; maar in soverre jy kan stuur, stuur; andersins, dink nie aan jou besittings nie.

7 [a]Gaan na die oostelike gebiede, lewer [b]getuienis in elke plek, aan elke volk en in hul sinagoges, redenerend met die volk.

8 Laat my dienskneg Samuel H. Smith saam met jou gaan, en verlaat hom nie, en gee hom jou instruksies; en hy wat getrou is, sal [a]sterk gemaak word in elke plek; en Ek, die Here, sal saam met jou gaan.

9 Lê jou [a]hande op die siekes, en hulle sal [b]herstel. Moenie terugkeer totdat Ek, die Here, jou sal stuur nie. Wees geduldig in verdrukking. [c]Vra, en jy sal ontvang, klop, en dit sal vir jou oopgemaak word.

10 Soek nie daarna om belas te wees nie. Versaak alle ongeregtigheid. Pleeg nie [a]egbreuk nie—'n versoeking waarmee jy gepla was.

11 [a]Gehoorsaam hierdie woorde, want hulle is waar en getrou; en jy moet jou amp verheerlik en stoot vele mense na [b]Sion met [c]gesange van ewigdurende vreugde op hulle hoofde.

12 [a]Volhard in hierdie dinge tot die einde, en jy sal 'n [b]kroon van die ewige lewe ontvang aan die regterhand van my Vader, wat vol genade en waarheid is.

13 Voorwaar, so sê die Here jou [a]God, jou Verlosser, naamlik Jesus Christus. Amen.

---

2*b* Joh. 10:10; 3 Ne. 5:13.
3*a* Jakob 4:7; Ether 12:27.
5*a* Mark. 16:15.
7*a* L&V 75:6.
*b* GS Getuienis.
8*a* L&V 52:17; 133:58.
9*a* GS Hande, Oplegging van; Salwing van die Siekes.
*b* Matt. 9:18. GS Genees, Genesings.
*c* Jak. 1:5.
10*a* GS Egbreuk.
11*a* L&V 35:24.
*b* L&V 11:6.
*c* Jes. 35:10; L&V 45:71. GS Sing.
12*a* 2 Tim. 3:14–15; 2 Ne. 31:20.
*b* Jes. 62:3; Matt. 25:21; 1 Petr. 5:4.
13*a* GS God, Godheid—God die Seun.

# AFDELING 67

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Hiram, Ohio, vroeg in November 1831. Die geleentheid was dié van 'n spesiale konferensie en die publikasie van die openbarings wat reeds van die Here ontvang is deur die Profeet, is oorweeg en uitvoering daaraan gegee (sien die opskrif van afdeling 1). William W. Phelps het onlangs die Kerk se drukkery in Independence, Missouri gevestig. Die konferensie het besluit om die openbarings te publiseer in die Book of Commandments [Boek van Gebooie] en om 10,000 kopieë te druk (wat, vanweë onvoorsiene probleme, verminder is na 3,000 kopieë). Baie van die broers het plegtige getuienis gelewer dat die openbarings wat tóé saamgestel was vir publikasie, inderdaad waar is, soos getuig deur die Heilige Gees wat uitgestort is oor hulle. Joseph Smith se geskiedenis het aangeteken dat nadat die openbaring bekend as afdeling 1 ontvang was, sommige gesprekke plaasgevind het oor die taal wat gebruik is in die openbarings. Die huidige openbaring het gevolg.*

*1–3, Die Here hoor die gebede van en waak oor sy ouderlinge; 4–9, Hy daag die wysste persoon uit om die minste van sy openbarings na te maak; 10–14, Getroue ouderlinge sal lewend gemaak word deur die Gees en die gesig van God sien.*

KYK en slaan ag, o julle [a]ouderlinge van my kerk, wat julleself versamel het, wie se gebede Ek gehoor het, en wie se harte Ek ken, en wie se begeertes voor My opgekom het.

2 Kyk en sien, my [a]oë is op julle, en die hemele en die aarde is in my hande, en die rykdomme van die ewigheid is myne om te gee.

3 Julle het gepoog om te glo dat julle die seëning moes ontvang wat julle aangebied is, maar kyk, voorwaar, Ek sê vir julle, daar was [a]vrese in jul harte, en voorwaar dit is die rede waarom julle nie ontvang het nie.

4 En nou Ek, die Here, gee aan julle 'n [a]getuienis van die waarheid van hierdie gebooie wat voor julle lê.

5 Julle oë was op my dienskneg Joseph Smith, Jr., en sy [a]taal het julle geken, en sy onvolmaakthede het julle geken; en julle het in jul harte kennis gesoek sodat julle beter mag uitdruk as sy taal; dit weet julle ook.

6 Nou, soek julle uit die Boek van Gebooie, en wel die minste onder hulle, en stel hom aan wat die [a]wysste is onder julle;

7 Of, as daar enigeen onder julle is wat 'n soortgelyke een sal

**67** 1*a* GS Ouderling.
2*a* Ps. 34:15.
3*a* GS Vrees.
4*a* GS Getuienis; Waarheid.
5*a* L&V 1:24.
6*a* 2 Ne. 9:28–29, 42.

maak, dan is julle geregverdig om te sê dat julle nie weet dat hulle waar is nie;
8 Maar as julle nie een soortgelyk kan maak nie, is julle onder veroordeling indien julle nie [a]getuienis lewer dat hulle waar is nie.
9 Want julle weet dat daar geen ongeregtigheid in hulle is nie, en dit wat [a]regverdig is daal neer van bo, van die Vader van [b]ligte.
10 En verder, voorwaar Ek sê vir julle dat dit julle voorreg is, en 'n belofte gee Ek aan julle wat geordineer is tot hierdie bediening, dat in soverre julle jul stroop van [a]jaloesieë en [b]vrese, en julle [c]verootmoedig voor my, want julle is nie genoegsaam nederig nie, sal die [d]sluier geskeur word en sal julle My [e]sien en weet dat Ek is—nie met die vleeslike nóg die natuurlike verstand, maar met die geestelike.
11 Want geen [a]mens het God op enige tydstip in die vlees gesien nie, behalwe as hy lewend gemaak word deur die Gees van God.
12 Nóg kan enige [a]natuurlike mens die teenwoordigheid van God verduur, nóg met die vleeslike verstand.
13 Julle is nie nou in staat om die teenwoordigheid van God te verduur nie, nóg die bediening van engele; daarom, volhard in [a]geduld tot julle [b]vervolmaak is.
14 Laat nie julle verstand terugdraai nie; en wanneer julle [a]waardig is, in my eie bepaalde tyd sal julle sien en weet dít wat op julle oorgedra is deur die hande van my dienskneg Joseph Smith, Jr. Amen.

---

# AFDELING 68

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Hiram, Ohio, 1 November 1831, in antwoord op gebed dat die wil van die Here aangaande Orson Hyde, Luke S. Johnson, Lyman E. Johnson, en William E. McLellin bekend gemaak word. Alhoewel 'n gedeelte van hierdie openbaring aan hierdie vier mans gerig was, is baie van die inhoud van toepassing op die hele Kerk. Hierdie openbaring is uitgebrei onder Joseph Smith se leiding toe dit in die 1835-uitgawe van die Doctrine and Covenants [Leer en Verbonde] gepubliseer is.*

---

8 *a* GS Getuie.
9 *a* Moro. 7:15–18.
*b* Jak. 1:17; L&V 50:24; 84:45; 88:49.
10 *a* GS Jaloers, Jaloesie.
*b* GS Vrees.
*c* GS Nederig, Nederigheid.
*d* GS Sluier; Voorhangsel.
*e* L&V 88:68; 93:1; 97:16.
11 *a* JSV Ex. 33:20, 23 (Bylae); Joh. 1:18; 6:46; JSV 1 Joh. 4:12 (Bylae); L&V 84:19–22; Moses 1:11, 14.
12 *a* Mosia 3:19. GS Natuurlike Mens.
13 *a* Rom. 2:7. GS Geduld.
*b* Matt. 5:48; 3 Ne. 12:48.
14 *a* GS Waardig, Waardigheid.

*1–5, Die woorde van die ouderlinge wanneer geïnspireer deur die Heilige Gees is skriftuur; 6–12, Ouderlinge moet preek en doop, en tekens sal ware gelowiges volg; 13–24, Die eersgeborenes onder die seuns van Aäron mag dien as die Presiderende Biskop (dit is, die sleutels hou van presidensie as 'n biskop) onder leiding van die Eerste Presidensie; 25–28, Ouers word gebied om die evangelie te leer aan hulle kinders; 29–35, Die Heiliges moet die Sabbat onderhou, ywerig werk en bid.*

My dienskneg, Orson Hyde, is geroep deur sy ordinering om die ewigdurende evangelie te verkondig, deur die [a]Gees van die Lewende God, van volk tot volk, en van plek tot plek, in die gemeentes van die bose, in hulle sinagoges, en om te redeneer en alle skrifture uit te lê aan hulle.

2 En, kyk, en sien, dit is 'n voorbeeld vir al diegene wat geordineer is tot hierdie priesterskap, wie se sending vir hulle aangewys is om uit te gaan—

3 En dit is die voorbeeld vir hulle, dat hulle sal [a]spreek soos hulle geïnspireer word deur die Heilige Gees.

4 En wat hulle ook al sal spreek wanneer geïnspireer deur die [a]Heilige Gees sal skriftuur wees, sal die wil van die Here wees, sal die verstand van die Here wees, sal die woord van die Here wees, sal die stem van die Here wees, en die [b]mag van God tot heil.

5 Kyk, dit is die belofte van die Here aan julle, o julle my dienskneгte.

6 Daarom, wees blymoedig, en moenie [a]vrees nie, want Ek die Here is met julle, en sal by julle staan; en julle sal getuienis lewer van My, naamlik Jesus Christus, dat Ek die Seun van die lewende God is, dat Ek was, dat Ek is, en dat Ek sal kom.

7 Dit is die woord van die Here aan jou, my dienskneg [a]Orson Hyde, en ook aan my dienskneg Luke Johnson, en aan my dienskneg Lyman Johnson, en aan my dienskneg William E. McLellin, en aan al die getroue ouderlinge van my kerk—

8 [a]Gaan julle na die hele wêreld, [b]preek die evangelie aan elke [c]skepsel, en tree op met die [d]gesag wat Ek julle gegee het, en [e]doop in die Naam van die Vader, en van die Seun, en van die Heilige Gees.

9 En [a]hy wat glo en gedoop word, sal [b]gered word, en hy wat nie glo nie, sal [c]verdoem word.

10 En hy wat glo, sal geseën word met [a]tekens wat volg, net soos dit geskryf is.

**68** 1*a* GS Heilige Gees.
3*a* 2 Petr. 1:21; L&V 18:32; 42:16; 100:5.
4*a* GS Heilige Gees; Openbaring.
*b* Rom. 1:16.
6*a* Jes. 41:10.
7*a* GS Hyde, Orson.
8*a* L&V 1:2; 63:37.
*b* GS Preek; Sendingwerk.
*c* Mark. 16:15.
*d* GS Gesag.
*e* GS Doop.
9*a* Mark. 16:16; L&V 20:25.
*b* GS Heil.
*c* GS Verdoemenis.
10*a* GS Teken.

11 En aan julle sal dit gegee
word om die [a]tekens van die tye
te ken, en die tekens van die koms
van die Seun van die Mens;
12 En van soveel as wat die Va-
der getuienis sal lewer, aan julle
sal mag gegee word om hulle te
[a]verseël tot die ewige lewe. Amen.
13 En nou, aangaande die sake
bykomend tot die verbonde en
gebooie, hulle is die volgende—
14 Hierna bly oor, op die be-
paalde tyd van die Here, ander
[a]biskoppe om afgesonder te word
vir die kerk, om te dien soos die
eerstes;
15 Daarom sal hulle [a]hoëpries-
ters wees wat waardig is, en
hulle sal aangestel word deur die
[b]Eerste Presidensie van die Melgi-
sédekse Priesterskap, tensy hulle
letterlike afstammelinge is van
[c]Aäron.
16 En as hulle letterlike afstam-
melinge is van [a]Aäron, het hulle
ʼn wetlike reg tot die biskopsamp,
indien hulle die eersgeborenes
onder die seuns van Aäron is;
17 Want die eersgeborene hou
die reg van presidensie oor hier-
die priesterskap, en die [a]sleutels
of gesag daarvan.
18 Geen man het ʼn wetlike reg
tot hierdie amp, om die sleutels
van hierdie priesterskap te hou,
tensy hy ʼn [a]letterlike afstamme-
ling en eersgeborene van Aäron
is.
19 Maar, omdat ʼn [a]hoëpriester
van die Melgisédekse Priester-
skap gesag het om op te tree in al
die mindere ampte, mag hy op-
tree in die amp van [b]biskop wan-
neer geen letterlike afstammeling
van Aäron gevind kan word nie,
mits hy geroep en afgesonder
word en geordineer word tot hier-
die mag, onder die hande van die
Eerste Presidensie van die Melgi-
sédekse Priesterskap.
20 En ʼn letterlike afstammeling
van Aäron, ook, moet aangewys
word deur hierdie Presidensie,
en waardig bevind word, en [a]ge-
salf, en [b]geordineer word onder
die hande van hierdie Presiden-
sie, anders is hulle nie wettiglik
gemagtig om op te tree in hulle
priesterskap nie.
21 Maar, op grond van die de-
kreet aangaande hulle reg op die
priesterskap wat oorgaan van va-
der tot seun, mag hulle hul sal-
wing opeis indien hulle op enige
stadium hul afstamming kan be-
wys, of dit bepaal deur openba-
ring van die Here onder die hande
van die bogenoemde Presidensie.
22 En verder, geen biskop of
hoëpriester wat afgesonder sal
word vir hierdie bediening sal
verhoor word of veroordeel word

11*a* GS Tekens van die Tye.
12*a* L&V 1:8; 132:49.
GS Verseël, Verseëling.
14*a* GS Biskop.
15*a* L&V 72:1.
*b* GS Eerste Presidensie.
*c* GS Aäron, Broer van Moses.
16*a* L&V 107:15–17.
GS Aäroniese Priesterskap.
17*a* GS Sleutels van die Priesterskap.
18*a* Ex. 40:12–15; L&V 84:18; 107:13–16, 70–76.
19*a* GS Hoëpriester.
*b* GS Biskop.
20*a* GS Salf.
*b* GS Ordineer, Ordinering.

vir enige misdaad nie, tensy dit voor die [a]Eerste Presidensie van die kerk is;

23 En in soverre hy skuldig bevind word voor hierdie Presidensie, deur getuienis wat nie weerlê kan word nie, sal hy veroordeel word;

24 En as hy bekeer, sal hy [a]vergewe word, volgens die verbonde en gebooie van die kerk.

25 En verder, in soverre [a]ouers kinders het in Sion, of in enige van haar [b]penne wat georganiseer is, wat hulle nie onderrig om die [c]leer te verstaan van bekering, geloof in Christus die Seun van die lewende God, en van doop en die gawe van die Heilige Gees deur die oplegging van hande, wanneer [d]agt jaar oud nie, rus die [e]sonde op die hoofde van die ouers.

26 Want dit sal ′n wet wees vir die inwoners van [a]Sion, of in enige van haar penne wat georganiseer is.

27 En hulle kinders sal [a]gedoop word vir die [b]vergifnis van hulle sondes wanneer [c]agt jaar oud, en die oplegging van hande ontvang.

28 En hulle sal ook hulle kinders leer om te [a]bid, en opreg te wandel voor die Here.

29 En die inwoners van Sion sal ook die [a]Sabbatdag gedenk om dit te heilig.

30 En die inwoners van Sion sal ook hulle arbeid onthou, in soverre hulle aangestel word om te arbei, in alle getrouheid; want die luiaard sal in herinnering gebring word voor die Here.

31 Nou, Ek, die Here, het nie ′n welbehae in die inwoners van Sion nie, want daar is [a]luiaards onder hulle; en hulle kinders word ook groot in [b]boosheid; hulle [c]soek ook nie in alle erns na die rykdomme van die ewigheid nie, maar hul oë is vol hebsug.

32 Hierdie dinge behoort nie so te wees nie, en moet weggedoen word onder hulle; daarom, laat my dienskneg Oliver Cowdery hierdie woorde oordra aan die land Sion.

33 En ′n gebod gee Ek aan hulle—dat hy wat nie sy [a]gebede doen voor die Here op die geleë tyd nie, laat hom in [b]herinnering gebring word voor die regter van my volk.

34 Hierdie [a]woorde is waar en getrou; daarom, oortree hulle nie, nóg [b]neem daarvan weg.

35 Kyk, Ek is [a]Alfa en Omega, en Ek [b]kom spoedig. Amen.

22*a* GS Eerste Presidensie.
24*a* GS Vergewe.
25*a* GS Gesin—Ouers se verantwoordelikhede.
*b* GS Pen.
*c* GS Onderrig, Onderwyser.
*d* L&V 18:42; 20:71.
*e* Jakob 1:19; L&V 29:46–48.
26*a* GS Sion.
27*a* GS Doop.
*b* GS Vergifnis van Sondes.
*c* GS Toerekenbaar, Toerekenbaarheid.
28*a* GS Gebed.
29*a* L&V 59:9–12. GS Sabbatdag.
31*a* GS Lui, Luiheid.
*b* GS Boos, Boosheid.
*c* L&V 6:7.
33*a* GS Gebed.
*b* GS Kasty, Kastyding; Regter, Oordeel.
34*a* Openb. 22:6.
*b* L&V 20:35; 93:24–25.
35*a* GS Alfa en Omega.
*b* L&V 1:12.

# AFDELING 69

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Hiram, Ohio, 11 November 1831. Die versameling van openbarings wat bedoel is vir vroeë publikasie is goedgekeur tydens die spesiale konferensie van 1–2 November. Op 3 November is die openbaring hierin vervat as afdeling 133, later genoem die Bylae, bygevoeg. Oliver Cowdery was vroeër aangestel om die manuskrip van die versameling openbarings en gebooie na Independence, Missouri te neem om gedruk te word. Hy moes ook saam met hom die geld neem wat ingesamel is vir die opbou van die kerk in Missouri. Hierdie openbaring beveel John Whitmer om Oliver Cowdery te vergesel en Whitmer word ook aangesê om te reis en historiese materiaal wat verband hou met sy roeping as Kerkhistorikus en verslaghouer te versamel.*

*1–2, John Whitmer moet Oliver Cowdery vergesel na Missouri; 3–8, Hy moet ook preek en historiese gegewens versamel, verslaghou en neerskryf.*

SLAAN ag op My, sê die Here julle God, vir die onthalwe van my dienskneg [a]Oliver Cowdery. Dit is nie wysheid in My dat hy toevertrou moet word met die gebooie en die geld wat hy sal neem na die land Sion nie, tensy iemand saam met hom gaan wat betroubaar en getrou is.
2 Daarom, Ek, die Here, wil dat my dienskneg, [a]John Whitmer, saam met my dienskneg Oliver Cowdery moet gaan;
3 En ook dat hy sal aanhou om te skryf en 'n [a]geskiedenis saam te stel van al die belangrike dinge wat hy sal waarneem en weet aangaande my kerk.
4 En ook dat hy [a]raad en bystand ontvang van my dienskneg Oliver Cowdery en andere.
5 En ook, my diensknegte wat uitgaan oor die aarde moet verslae van hul [a]rentmeesterskappe na die land Sion stuur;
6 Want die land Sion sal 'n setel wees en 'n plek om hierdie dinge te ontvang en al hierdie dinge te doen.
7 Nietemin, laat my dienskneg John Whitmer vele kere reis van plek tot plek, en van kerk tot kerk, sodat hy makliker kennis mag verkry—
8 En predik en uitlê, skryf en kopieer, selekteer en alle dinge verkry wat ten goede van die kerk sal wees, en vir die opkomende geslagte wat sal opgroei in die land [a]Sion, om dit te besit van geslag tot geslag, vir ewig en ewig. Amen.

**69** 1*a* GS Cowdery, Oliver.
2*a* GS Whitmer, John.
3*a* L&V 47:1–3; 85:1.
4*a* GS Raad.
5*a* GS Rentmeester, Rentmeesterskap.
8*a* GS Sion.

# AFDELING 70

*Openbaring gegee deur Joseph Smith, die Profeet, te Hiram, Ohio, 12 November 1831. Die Profeet se geskiedenis lui dat vier spesiale konferensies gehou was vanaf die 1ste tot die 12de November, insluitende. Tydens die laaste van hierdie byeenkomste, is die groot belangrikheid van die openbarings wat later sou gepubliseer word as die Book of Commandments [Boek van Gebooie] en dan die Leer en Verbonde is oorweeg. Hierdie openbaring is gegee nadat die konferensie gestem het dat die openbarings "van waarde is vir die Kerk en die rykdomme van die hele Aarde." Joseph Smith se geskiedenis verwys na die openbarings as "die fondament van die Kerk in hierdie laaste dae, en 'n voordeel vir die wêreld, en toon dat die sleutels van die verborgenhede van die koninkryk van ons Saligmaker weer aan die mens toevertrou is."*

*1–5, Rentmeesters word aangestel om die openbarings te publiseer; 6–13, Diegene wat arbei met geestelike dinge is hul loon waardig; 14–18, Die Heiliges behoort gelyk te wees in stoflike dinge.*

KYK en slaan ag, o julle inwoners van Sion, en al julle volke van my kerk wat ver weg is en hoor die woord van die Here wat Ek gee aan my dienskneg Joseph Smith, Jr., en ook aan my dienskneg Martin Harris, en ook aan my dienskneg Oliver Cowdery, en ook aan my dienskneg John Whitmer, en ook aan my dienskneg Sidney Rigdon, en ook aan my dienskneg William W. Phelps, by wyse van gebod aan hulle.

2 Want Ek gee aan hulle 'n gebod; daarom, slaan ag en hoor, want so sê die Here aan hulle—

3 Ek, die Here, het hulle aangestel, en hulle geordineer om [a]rentmeesters te wees oor die openbarings en gebooie wat Ek aan hulle gegee het, en wat Ek hierna aan hulle sal gee;

4 En rekenskap van hierdie rentmeesterskap sal Ek van hulle vereis op die dag van oordeel.

5 Daarom, Ek het hulle aangestel, en dit is hul verantwoordelikheid in die kerk van God, om hulle te behartig en die sake rondom, ja, die voordele daarvan.

6 Daarom, Ek gee aan hulle 'n gebod, dat hulle nie hierdie dinge aan die kerk sal gee nie, nóg aan die wêreld;

7 Nietemin, in soverre hulle meer as wat nodig is ontvang vir hul behoeftes en hul noodsaaklikhede, sal dit gegee word aan my [a]voorraadskuur;

8 En die voordele sal toegewy word aan die inwoners van Sion, en aan hulle geslagte, in soverre

**70** 3*a* 1 Kor. 4:1; L&V 72:20. | 7*a* L&V 72:9–10.

hulle [a]erfgename word volgens die wette van die koninkryk.

9 Kyk, dit is wat die Here vereis van elkeen in sy [a]rentmeesterskap, net soos Ek, die Here, enige man aangestel het of hierna sal aanstel.

10 En kyk, niemand is vrygestel van hierdie wet wat behoort aan die kerk van die lewende God nie;

11 Ja, nóg die biskop, nóg die [a]agent wat die Here se voorraadskuur bestuur, nóg hy wat aangestel is in ′n rentmeesterskap oor stoflike dinge.

12 Hy wat aangestel is om geestelike dinge te bestuur, hy is [a]waardig van sy loon, net soos diegene wat aangestel word tot ′n rentmeesterskap om stoflike dinge te bestuur;

13 Ja, selfs meer oorvloediglik, welke oorvloed vir hulle vermenigvuldig word deur die openbarings van die Gees.

14 Nietemin, in julle stoflike dinge sal julle [a]gelyk wees, en dit nie teensinnig nie, anders sal die oorvloed van die openbarings van die Gees weerhou word.

15 Nou, hierdie [a]gebod gee Ek aan my diensknegte tot hul voordeel terwyl hulle lewe, vir ′n openbaring van my seëninge op hulle hoofde, en as ′n beloning vir hul [b]ywer en vir hulle veiligheid.

16 Vir kos en vir [a]kleding; vir ′n erfenis; vir huise en vir grond, in watter omstandighede Ek, die Here, hulle sal plaas, en waarheen Ek, die Here, hulle ook al sal stuur.

17 Want hulle was getrou oor [a]vele dinge, en het goed gedoen in soverre hulle nie gesondig het nie.

18 Kyk, Ek, die Here, is [a]barmhartig en sal hulle seën, en hulle sal die vreugde binnegaan van hierdie dinge. Dit is so. Amen.

## AFDELING 71

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet en Sidney Rigdon, te Hiram, Ohio, 1 Desember 1831. Die Profeet het voortgegaan om die Bybel te vertaal met Sidney Rigdon as sy skrywer totdat hierdie openbaring ontvang is, op welke tydstip dit tydelik opsy gesit is om hulle in staat te stel om die opdrag hierin vervat, uit te voer. Die broers moes uitgaan om te preek om die onvriendelike gevoelens te kalmeer wat ontstaan het teen die Kerk as gevolg van die publikasie van briewe geskryf deur Ezra Booth, wat afvallig geword het.*

8*a* L&V 38:20.
9*a* GS Rentmeester, Rentmeesterskap.
11*a* L&V 57:6.
12*a* Lk. 10:7.
14*a* L&V 49:20. GS Toewy, Wet van Toewyding.
15*a* Deut. 10:12–13.
*b* GS Ywer.
16*a* L&V 59:16–20.
17*a* Matt. 25:21–23.
18*a* GS Barmhartig, Barmhartigheid.

*1–4, Joseph Smith en Sidney Rigdon word uitgestuur om die evangelie te verkondig; 5–11, Vyande van die Heiliges sal verwar word.*

Kyk, so sê die Here aan julle my diensknegte Joseph Smith, Jr., en [a]Sidney Rigdon, dat die tyd voorwaar gekom het dat dit noodsaaklik en raadsaam is in My dat julle jul monde moet open om my evangelie te [b]verkondig, die dinge van die koninkryk, en die [c]verborgenhede daarvan uit die skrifture uit te lê, volgens daardie gedeelte van die Gees en krag wat aan julle gegee sal word net soos Ek wil.
2 Voorwaar Ek sê vir julle, verkondig aan die wêreld in die streke rondom, en in die kerk ook, vir ’n tydperk, ja totdat dit aan julle bekend gemaak sal word.
3 Voorwaar, dit is ’n sending vir ’n tydperk wat Ek aan julle gee.
4 Daarom, arbei julle in my wingerd. Beroep julle op die inwoners van die aarde, en lewer getuienis, en berei die weg voor vir die gebooie en openbarings wat sal kom.
5 Nou, kyk dit is wysheid; wie ook al lees, laat hom [a]verstaan en ook [b]ontvang;
6 Want aan hom wat ontvang, sal meer [a]oorvloedig gegee word, en wel mag.
7 Daarom, [a]verwar jou vyande; doen ’n beroep op hulle om julle te [b]ontmoet in die openbaar en in privaatheid; en in soverre julle getrou is, sal hulle skande openbaargemaak word.
8 Daarom, laat hulle hul sterk argumente teen die Here na vore bring.
9 Voorwaar, so sê die Here aan julle—daar is geen [a]wapen gevorm teen julle wat sal slaag nie;
10 En as enigeen sy stem teen julle verhef, sal hy vernietig word in my eie bepaalde tyd.
11 Daarom, onderhou my gebooie; hulle is waar en getrou. Dit is so. Amen.

# AFDELING 72

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 4 Desember 1831. Verskeie ouderlinge en lede het byeengekom om hulle plig te leer en om verder opgebou te word in die leringe van die Kerk. Hierdie afdeling is ’n samestelling van drie openbarings wat ontvang is op dieselfde dag. Verse 1 tot 8 maak die roeping van Newel K. Whitney as biskop bekend. Hy is toe geroep en geordineer, waarna verse 9 tot 23 ontvang is, wat bykomende inligting gee aangaande die pligte van ’n biskop. Daarna is verse 24 tot 26 gegee, wat*

**71** 1*a* GS Rigdon, Sidney.
*b* GS Sendingwerk.
*c* L&V 42:61, 65.
5*a* GS Begrip.
*b* Alma 12:9–11.
6*a* Matt. 13:12.
7*a* Moses 7:13–17.
*b* L&V 63:37; 68:8–9.
9*a* Jes. 54:17.

*opdragte gee aangaande die versameling na Sion.*

*1–8, Ouderlinge moet rekenskap gee van hulle rentmeesterskappe aan die biskop; 9–15, Die biskop bestuur die voorraadskuur en sorg vir die armes en behoeftiges; 16–26, Biskoppe moet sertifiseer aangaande die waardigheid van ouderlinge.*

Slaan ag, en luister na die stem
van die Here, o julle wat julleself
versamel het, wat die [a]hoëpriesters is van my kerk, aan wie die
[b]koninkryk en mag gegee is.
2 Want voorwaar, so sê die Here,
dit is raadsaam in My dat 'n [a]biskop aangestel word vir julle, of
vanuit julle, vir die kerk in hierdie gedeelte van die Here se wingerd.
3 En voorwaar in hierdie ding
het julle wyslik opgetree, want dit
word vereis deur die Here, aan
die hand van elke [a]rentmeester,
om [b]rekenskap te gee van sy [c]rentmeesterskap, beide in tyd en in
ewigheid.
4 Want hy wat getrou en [a]verstandig is in tyd, word waardig
geag om die [b]wonings te beërwe
wat vir hom voorberei is deur my
Vader.
5 Voorwaar Ek sê vir julle, die
ouderlinge van die kerk in hierdie
gedeelte van my [a]wingerd sal rekenskap gee van hul rentmeesterskap aan die biskop, wat
aangestel sal word deur My in
hierdie gedeelte van my wingerd.
6 Van hierdie dinge sal verslag
gehou word, om oorhandig te
word aan die biskop in Sion.
7 En die plig van die [a]biskop sal
bekendgemaak word deur die gebooie wat gegee is, en die stem
van die konferensie.
8 En nou, voorwaar Ek sê vir
julle, my dienskneg [a]Newel K.
Whitney is die man wat aangestel
en geordineer sal word tot hierdie
mag. Dit is die wil van die Here
julle God, julle Verlosser. Dit is
so. Amen.
9 Die woord van die Here, bykomend tot die wet wat gegee is,
wat die plig van die biskop bekendmaak wat geordineer is vir
die kerk in hierdie deel van die
wingerd, wat waarlik dit is—
10 Om die Here se [a]voorraadskuur te bestuur; om die fondse
van die kerk te ontvang in hierdie deel van die wingerd;
11 Om 'n verslag te ontvang van
die ouderlinge soos voorheen gebied is; en om na hulle behoeftes om te [a]sien, wat sal betaal vir
dit wat hulle ontvang, in soverre
hulle middele het om te betaal;
12 Dat dit ook toegewy mag

**72** 1*a* L&V 68:14–19.
*b* GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
2*a* GS Biskop.
3*a* GS Rentmeester, Rentmeesterskap.
*b* L&V 42:32; 104:11–13.
*c* Lk. 19:11–27.
4*a* Matt. 24:45–47.
*b* L&V 59:2.
5*a* GS Wingerd van die Here.
7*a* L&V 42:31; 46:27; 58:17–18; 107:87–88.
8*a* GS Whitney, Newel K.
10*a* L&V 70:7–11; 78:3. GS Voorraadskuur.
11*a* L&V 75:24.

word tot die voordeel van die kerk, vir die armes en behoeftiges.
13 En hy wat nie [a]het om mee te
betaal nie, sal dit opgeteken word en oorhandig word aan die biskop van Sion, wat die skuld sal betaal uit dit wat die Here in sy hande sal plaas.
14 En die arbeid van die getroues wat arbei in geestelike dinge, in die bediening van die evangelie en die dinge van die koninkryk vir die kerk, en vir die wêreld, sal die skuld betaal aan die biskop in Sion;
15 Dus kom dit vanuit die kerk,
want volgens die [a]wet moet elkeen wat opkom na Sion alle dinge voor die biskop in Sion lê.
16 En nou, voorwaar Ek sê vir
julle, dat omdat elke ouderling in hierdie gedeelte van die wingerd rekenskap moet gee van sy rentmeesterskap aan die biskop in hierdie deel van die wingerd—
17 ʼn [a]Sertifikaat van die regter
of biskop in hierdie deel van die wingerd, aan die biskop in Sion maak elkeen aanvaarbaar, en vervul alle dinge, vir ʼn erfenis, en om ontvang te word as ʼn verstandige [b]rentmeester en as ʼn getroue arbeider;
18 Andersins sal hy nie aanvaar
word deur die biskop van Sion nie.
19 En nou, voorwaar Ek sê vir
julle, laat elke ouderling wat rekenskap sal gee aan die biskop van die kerk in hierdie deel van die wingerd aanbeveel word deur die kerk of kerke, waarin hy arbei, sodat hy homself en sy verslae aanvaarbaar mag maak in alle dinge.
20 En verder, laat my diensknegte wat aangestel is as rentmeesters oor die [a]geskrewe aangeleenthede van my kerk aanspraak hê op bystand van die biskop of biskoppe in alle dinge—
21 Sodat die [a]openbarings gepubliseer mag word, en uitgaan na die eindes van die aarde; sodat hulle ook fondse mag bekom wat tot voordeel van die kerk sal strek in alle dinge;
22 Sodat hulle ook hulleself aanvaarbaar kan maak in alle dinge, en gereken word as verstandige rentmeesters.
23 En nou, kyk, dit sal ʼn voorbeeld wees vir al die uitgebreide takke van my kerk, in welke land hulle ook al gevestig mag word. En nou maak Ek ʼn einde aan my woorde. Amen.
24 ʼn Paar woorde bykomend tot die wette van die koninkryk, aangaande die lede van die kerk—hulle wat [a]aangewys is deur die Heilige Gees om op te gaan na Sion, en hulle wat bevoorreg is om op te gaan na Sion—

13*a* GS Armes.
15*a* L&V 42:30–31. GS Toewy, Wet van Toewyding.
17*a* L&V 20:64, 84.
*b* L&V 42:32.
20*a* L&V 70:3–5.
21*a* GS Leer en Verbonde.
24*a* GS Roep, Geroepe van God, Roeping.

25 Laat hulle na die biskop ′n sertifikaat neem van drie ouderlinge van die kerk, of ′n sertifikaat van die biskop;

26 Andersins sal hy wat opgaan na die land Sion nie gereken word as ′n verstandige rentmeester nie. Dit is ook ′n voorbeeld. Amen.

## AFDELING 73

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet en Sidney Rigdon, te Hiram, Ohio, 10 Januarie 1832. Sedert die eerste deel van die voorafgaande Desember, was die Profeet en Sidney besig om te preek, en deur hierdie wyse is baie bereik om die ongunstige gevoelens wat teen die Kerk ontstaan het, te verminder (sien die opskrif van afdeling 71).*

*1–2, Ouderlinge moet aanhou om te preek; 3–6, Joseph Smith en Sidney Rigdon moet voortgaan om die Bybel te vertaal totdat dit voltooi is.*

WANT voorwaar, so sê die Here, dit is raadsaam in My dat [a]hulle aanhou om die evangelie te preek, en in vermaning van die kerke in die streke rondom, tot die konferensie;

2 En dan, kyk, dit sal aan hulle bekendgemaak word, deur die [a]stem van die konferensie, hul onderskeie sendings.

3 Nou, voorwaar, Ek sê vir julle my diensknegte, Joseph Smith, Jr., en Sidney Rigdon, sê die Here, dit is [a]raadsaam om weer te [b]vertaal;

4 En, in soverre dit uitvoerbaar is, om te preek in die streke rondomheen tot die konferensie; en daarna is dit raadsaam om die werk van vertaling voort te sit totdat dit voltooi is.

5 En laat dit ′n voorbeeld wees vir die ouderlinge tot verdere kennis, net soos dit geskryf is.

6 Nou gee Ek niks meer aan julle op hierdie tydstip nie. [a]Omgord julle lendene en wees ernstig. Dit is so. Amen.

## AFDELING 74

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet, te Wayne-distrik, New York, in 1830. Selfs vóór die organisasie van die Kerk, het vrae ontstaan aangaande die regte doopswyse, wat die Profeet gelei het om antwoorde oor dié onderwerp te soek. Joseph Smith se geskiedenis*

**73** 1*a* DI die ander wat op sendings was; sien L&V 57–68.
2*a* L&V 20:63.
3*a* DI Joseph en Sidney was vroeër gebied om op te hou om die Bybel te vertaal en die evangelie te predik. L&V 71:2.
*b* L&V 45:60–61; 76:15. GS Joseph Smith Vertaling (JSV).
6*a* 1 Petr. 1:13.

*verklaar dat hierdie openbaring 'n verduideliking is van 1 Korinthiërs 7:14, 'n skriftuur wat dikwels gebruik was om kinderdoop te regverdig.*

*1–5, Paulus gee die Kerk van sy dag raad om nie die wet van Moses te onderhou nie; 6–7, Klein kindertjies is heilig en word geheilig deur die Versoening.*

WANT die [a]ongelowige man word geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou word geheilig deur die man; anders was julle kinders onrein, maar nou is hulle heilig.

2 Nou, in die dae van die apostels was die wet van die besnydenis geldig onder al die Jode wat nie die evangelie van Jesus Christus geglo het nie.

3 En dit het gebeur dat 'n groot [a]twis ontstaan het onder die volk aangaande die wet van die [b]besnydenis, want die ongelowige man was begerig dat sy kinders besny moes word en onderworpe wees aan die [c]wet van Moses, welke wet vervul was.

4 En dit het gebeur dat die kinders wat opgevoed is in onderwerping aan die wet van Moses, gehoorsaam was aan die [a]oorlewerings van hul vaders en nie die evangelie van Christus geglo het nie, waardeur hulle onheilig geword het.

5 Daarom, om hierdie rede het die apostel aan die kerk geskryf, en aan hulle 'n gebod gegee, nie van die Here nie, maar van homself, dat 'n gelowige nie [a]verenig moes wees met 'n ongelowige nie; tensy die [b]wet van Moses weggedoen sou word onder hulle,

6 Sodat hulle kinders sonder besnydenis mag bly; en sodat die oorlewering weggedoen word wat sê dat klein kindertjies onheilig is; want dit was so onder die Jode;

7 Maar klein [a]kindertjies is [b]heilig, [c]geheilig deur die [d]versoening van Jesus Christus; en dit is wat die skrifture beteken.

# AFDELING 75

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Amherst, Ohio, 25 Januarie 1832. Hierdie afdeling bestaan uit twee aparte openbarings (die eerste in verse 1 tot 22 en die tweede in verse 23 tot 36)*

**74** 1*a* 1 Kor. 7:14–19.
3*a* Hand. 15:1–35; Gal. 2:1–5.
*b* GS Besnydenis.
*c* GS Wet van Moses.
4*a* GS Oorlewering.
5*a* GS Huwelik, Trou—Tussengeloofhuwelik.
*b* 2 Ne. 25:24–27.
7*a* Moro. 8:8–15; L&V 29:46–47; 137:10.
*b* GS Heilig.
*c* GS Heil—Heil van kinders.
*d* GS Versoen, Versoening.

*gegee op dieselfde dag. Die geleentheid was 'n konferensie waartydens Joseph Smith onderskraag en geordineer is as President van die Hoëpriesterskap. Sekere ouderlinge het begeer om meer te leer aangaande hulle onmiddellike pligte. Hierdie openbarings het gevolg.*

*1–5, Getroue ouderlinge wat die evangelie preek sal die ewige lewe verkry; 6–12, Bid om die Trooster te ontvang wat alle dinge onderrig; 13–22, Ouderlinge sal in oordeel sit oor diegene wat hulle boodskap verwerp; 23–36, Families van sendelinge moet hulp ontvang van die kerk.*

Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir
julle, Ek wat spreek en wel deur
die [a]stem van my Gees, naam-
lik [b]Alfa en Omega, julle Here en
julle God—
2 Slaan ag, o julle wat julle name
opgegee het om uit te gaan om
my evangelie te verkondig, en om
my [a]wingerd te [b]snoei.
3 Kyk, Ek sê vir julle dat dit my
wil is dat julle moet uitgaan en
nie talm nie, nóg [a]lui wees, maar
arbei met al julle mag—
4 En verhef julle stemme soos
met die klank van 'n trompet, en
[a]verkondig die [b]waarheid volgens
die openbarings en gebooie wat
Ek julle gegee het.
5 En dus, as julle getrou is, sal
julle belaai word met vele [a]gerwe,
en [b]gekroon word met [c]eer, en
[d]heerlikheid, en [e]onsterflikheid,
en die [f]ewige lewe.
6 Daarom, voorwaar, Ek sê vir
my dienskneg William E. McLel-
lin, Ek [a]herroep die opdrag wat
Ek aan hom gegee het om na die
oostelike gebiede te gaan;
7 En Ek gee aan hom 'n nuwe
opdrag en 'n nuwe gebod, waarin
Ek, die Here, hom [a]tugtig vir die
[b]murmurerings van sy hart;
8 En hy het gesondig; nietemin,
Ek vergewe hom en sê weer aan
hom, Gaan jy na die suidelike ge-
biede.
9 En laat my dienskneg Luke
Johnson saam met hom gaan, en
die dinge verkondig wat Ek hulle
gebied het—
10 En die Naam van die Here
aanroep vir die [a]Trooster, wat
hulle alle dinge sal leer wat raad-
saam is vir hulle—
11 Altyd [a]biddend dat hulle nie
moed verloor nie; en in soverre
hulle dit doen, sal Ek met hulle
wees en wel tot die einde.
12 Kyk, dit is die wil van die
Here jou God aangaande jou. Dit
is so. Amen.
13 En verder, voorwaar, so sê

**75** 1*a* GS Openbaring.
*b* Openb. 1:8. GS Alfa en Omega.
2*a* GS Wingerd van die Here.
*b* Jakob 5:62.
3*a* GS Lui, Luiheid.
4*a* GS Sendingwerk.
*b* L&V 19:37.
5*a* Ps. 126:6; Alma 26:5.
*b* GS Kroon.
*c* GS Eer.
*d* GS Heerlikheid.
*e* GS Onsterflik, Onsterflikheid.
*f* GS Ewige Lewe.
6*a* L&V 66.
7*a* GS Kasty, Kastyding.
*b* GS Gedagtes; Murmureer.
10*a* Joh. 14:26. GS Trooster.
11*a* 2 Ne. 32:9.

die Here, laat my dienskneg [a]Orson Hyde en my dienskneg [b]Samuel H. Smith hulle reis onderneem na die oostelike gebiede, en die dinge verkondig wat Ek hulle gebied het; en in soverre hulle getrou is, sien, Ek sal [c]met hulle wees en wel tot die einde.

14 En verder, voorwaar Ek sê vir my dienskneg Lyman Johnson, en aan my dienskneg [a]Orson Pratt, hulle sal ook hulle reis onderneem na die oostelike gebiede; en kyk, en sien, Ek is ook met hulle, en wel tot die einde.

15 En verder, Ek sê vir my dienskneg Asa Dodds, en aan my dienskneg Calves Wilson, dat hulle ook hulle reis sal onderneem na die westelike gebiede, en my evangelie verkondig, soos Ek hulle gebied het.

16 En hy wat getrou is sal alle dinge oorwin, en sal [a]verhef word op die laaste dag.

17 En verder, Ek sê vir my dienskneg Major N. Ashley, en my dienskneg Burr Riggs, laat hulle ook hul reis onderneem na die suidelike gebied.

18 Ja, laat al diegene hulle reis onderneem, soos Ek hulle gebied het, en gaan van huis tot huis, en van dorp tot dorp, en van stad tot stad.

19 En welke huis julle binnegaan, en hulle ontvang julle, laat julle seëning op daardie huis.

20 En welke huis julle binnegaan, en hulle ontvang julle nie, sal julle spoedig van daardie huis vertrek, en die stof van julle voete [a]afskud as ′n getuienis teen hulle.

21 En julle sal vervul wees met [a]vreugde en blydskap; en weet dit, dat op die dag van oordeel sal julle [b]regters wees van daardie huis, en hulle veroordeel;

22 En dit sal meer draaglik wees vir die heidene op die dag van oordeel as vir daardie huis; daarom, [a]omgord julle lendene en wees getrou, en julle sal alle dinge oorwin, en verhef word op die laaste dag. Dit is so. Amen.

23 En verder, so sê die Here aan julle, o julle ouderlinge van my kerk, wat julle name opgegee het sodat julle sy wil aangaande julle mag weet—

24 Kyk, Ek sê vir julle, dat dit die plig is van die kerk om te help om die families van diegene te onderhou, en ook om die families te onderhou van diegene wat geroep is en noodwendig gestuur moet word aan die wêreld om die evangelie te verkondig aan die wêreld.

25 Daarom, Ek, die Here, gee aan julle hierdie gebod, dat julle plekke bekom vir julle families, in soverre julle broers gewillig is om hulle harte te open.

26 En laat al diesulkes wat plekke kan bekom vir hulle families, en onderhoud van die kerk

13*a* GS Hyde, Orson.
*b* GS Smith, Samuel H.
*c* Matt. 28:19–20.
14*a* GS Pratt, Orson.
16*a* L&V 5:35.
20*a* Matt. 10:14; Lk. 10:11–12; L&V 24:15; 60:15.
21*a* Matt. 5:11–12.
*b* GS Regter, Oordeel.
22*a* Efés. 6:14; L&V 27:15–18.

vir hulle, nie faal om in die wêreld te gaan nie, hetsy na die ooste of na die weste, of na die noorde, of na die suide.

27 Laat hulle vra, en hulle sal ontvang, klop en dit sal vir hulle oopgemaak word, en van omhoog bekendgemaak word, en wel deur die [a]Trooster, waarheen hulle sal gaan.

28 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, dat elkeen wat verplig is om te [a]voorsien vir sy eie [b]familie, laat hom voorsien, en hy sal geensins sy kroon verloor nie; en laat hom arbei in die kerk.

29 Laat elkeen [a]ywerig wees in alle dinge. En die [b]luiaard sal nie plek hê in die kerk nie, tensy hy bekeer en sy weë verander.

30 Daarom, laat my dienskneg Simeon Carter en my dienskneg Emer Harris verenig wees in die bediening;

31 En ook my dienskneg Ezra Thayre en my dienskneg [a]Thomas B. Marsh;

32 Ook my dienskneg Hyrum Smith en my dienskneg Reynolds Cahoon;

33 En ook my dienskneg Daniel Stanton en my dienskneg Seymour Brunson;

34 En ook my dienskneg Sylvester Smith en my dienskneg Gideon Carter;

35 En ook my dienskneg Ruggles Eames en my dienskneg Stephen Burnett;

36 En ook my dienskneg Micah B. Welton en ook my dienskneg Eden Smith. Dit is so. Amen.

## AFDELING 76

*'n Visioen gegee aan Joseph Smith die Profeet en Sidney Rigdon, te Hiram, Ohio, 16 Februarie 1832. As voorwoord tot die verslag van hierdie visioen, verklaar Joseph Smith se geskiedenis: "By my terugkeer van die Amherst-konferensie, het ek voortgegaan met die vertaling van die Skrifture. Uit verskeie openbarings wat ontvang is, was dit duidelik dat vele belangrike punte rakende die heil van die mens uit die Bybel geneem is, of verlore geraak het voor dit saamgestel is. Dit was duidelik uit die waarhede wat oorgebly het, dat indien God elkeen vergoed het ooreenkomstig die dade verrig in die liggaam, die term 'Hemel,' met verwysing na die Heiliges se ewige tuiste, meer as een koninkryk moet insluit. In opvolging daarvan, . . . terwyl ons die Evangelie van Johannes vertaal het, het ek en Ouderling Rigdon die volgende visioen gesien." Hierdie visioen is gegee gedurende die tyd wat die Profeet Johannes 5:29 vertaal het.*

27*a* 2 Ne. 32:5; L&V 8:2. GS Heilige Gees.
28*a* 1 Tim. 5:8; L&V 83:2. *b* GS Gesin.
29*a* GS Ywer. *b* GS Lui, Luiheid.
31*a* GS Marsh, Thomas B.

*1–4, Die Here is God; 5–10, Die verborgenhede van die koninkryk sal geopenbaar word aan al die getroues; 11–17, Almal sal te voorskyn kom in die opstanding van die regverdiges of die onregverdiges; 18–24, Die inwoners van vele wêrelde is gebore seuns en dogters van God deur die Versoening van Jesus Christus; 25–29, 'n Engel van God het geval en het die duiwel geword; 30–49, Seuns van die verderf ly ewige verdoemenis; alle ander verkry 'n mate van heil; 50–70, Die heerlikheid en beloning van verheerlikte wesens in die selestiale koninkryk word beskryf; 71–80, Diegene wat die terrestriale koninkryk sal beërwe word beskryf; 81–113, Die status van diegene in die telestiale, terrestriale, en selestiale heerlikhede word verduidelik; 114–119, Die getroues mag die verborgenhede van God se koninkryk sien en begryp deur die mag van die Heilige Gees.*

[a]HOOR, o julle hemele, en neig die oor, o aarde, en verbly julle jul inwoners daarvan, want die Here is [b]God en buiten Hom is daar [c]geen [d]Saligmaker nie.

2 [a]Groot is sy wysheid, [b]wonderbaarlik is sy weë, en die omvang van sy dade kan niemand bepaal nie.

3 Sy [a]doeleindes faal nie, nóg is daar enigeen wat sy hand kan keer.

4 Van ewigheid tot ewigheid is Hy [a]dieselfde, en sy jare [b]faal nooit.

5 Want so sê die Here—Ek, die Here, is [a]barmhartig en goedertierend teenoor diegene wat My [b]vrees, en skep behae daarin om diegene te eer wat My [c]dien in regverdigheid en in waarheid tot die einde.

6 Groot sal hulle beloning wees en ewig sal hul [a]heerlikheid wees.

7 En aan hulle sal Ek alle [a]verborgenhede [b]openbaar, ja al die bedekte verborgenhede van my koninkryk van dae van ouds, en vir die eeue wat kom, sal Ek aan hulle al die goeie welbehae van my wil aangaande alle dinge rakende my koninkryk bekendmaak.

8 Ja, selfs die wonders van die ewigheid sal hulle ken, en dinge wat moet kom sal Ek hulle toon, selfs die dinge van vele geslagte.

9 En hulle [a]wysheid sal groot wees, en hulle [b]begrip strek tot die hemel; en voor hulle sal die

**76** 1*a* Jes. 1:2.
*b* Jer. 10:10. GS God, Godheid—God die Seun.
*c* Jes. 43:11; Hos. 13:4.
*d* GS Saligmaker.
2*a* 2 Ne. 2:24; L&V 38:1–3.
*b* Openb. 15:3.
3*a* 1 Kon. 8:56; L&V 1:38; 64:31.
4*a* Hebr. 13:8; L&V 35:1; 38:1–4; 39:1–3.
*b* Ps. 102:25–27; Hebr. 1:12.
5*a* Ex. 34:6; Ps. 103:8. GS Barmhartig, Barmhartigheid.
*b* Deut. 6:13; Jos. 4:23–24. GS Eerbied; Vrees.
*c* L&V 4:2.
6*a* GS Selestiale Heerlikheid.
7*a* GS Verborgenhede van God.
*b* L&V 42:61; 59:4; 98:12; 121:26–33.
9*a* GS Wysheid.
*b* GS Begrip.

wysheid van die wyses [c]vergaan,
en die begrip van die verstandi-
ges sal tot niet gaan.
10 Want deur my [a]Gees sal Ek
hulle [b]verlig, en deur my [c]mag sal
Ek aan hulle die verborgenhede
van my wil bekendmaak—ja,
selfs daardie dinge wat die [d]oog
nie gesien het nie, nóg die oor ge-
hoor het, en nog nie die hart van
die mens binnegedring het nie.
11 Ons, Joseph Smith, Jr., en Sid-
ney Rigdon, was [a]in die Gees op
die sestiende dag van Februarie,
in die jaar van ons Here een dui-
send agt honderd twee en dertig—
12 Deur die mag van die [a]Gees
is ons [b]oë geopen en ons verstand
verlig, om die dinge van God te
sien en te verstaan.
13 En wel daardie dinge wat was
vanaf die begin voor die wêreld
was, wat geordineer is deur die
Vader, deur sy Eniggebore Seun,
wat in die boesem van die Vader
was, ja vanaf die [a]begin;
14 Van wie ons getuienis lewer;
en die verslag wat ons lewer is die
volheid van die evangelie van Je-
sus Christus, wat die Seun is wat
ons gesien het en met wie ons [a]ge-
spreek het in die hemelse [b]visioen.
15 Want terwyl ons besig was
om die [a]vertaalwerk te doen,
waartoe die Here ons aangestel
het, het ons gekom by die nege
en twintigste vers van die vyfde
hoofstuk van Johannes, wat as
volg aan ons gegee is—
16 Sprekende van die opstan-
ding van die dode, aangaande
diegene wat die stem van die
[a]Seun van die Mens sal [b]hoor:
17 En sal te voorskyn kom; hulle
wat [a]goed gedoen het, tot die [b]op-
standing van die [c]regverdiges; en
hulle wat kwaad gedoen het, tot
die opstanding van die onregver-
diges.
18 Nou het dit ons laat wonder,
want dit is aan ons gegee deur die
Gees.
19 En terwyl ons [a]bepeins het
oor hierdie dinge, het die Here die
oë van ons verstand aangeraak en
hulle is geopen, en die heerlikheid
van die Here het rondom geskyn.
20 En ons het die [a]heerlikheid
van die Seun aanskou, aan die
[b]regterhand van die [c]Vader, en
van sy volheid ontvang;
21 En het die heilige [a]engele ge-
sien, en hulle wat [b]geheilig is voor
sy troon, wat God aanbid, en die
Lam, wat hom vir ewig en ewig
[c]aanbid.

---

9*c* Jes. 29:14; 2 Ne. 9:28–29.
10*a* Moro. 10:5.
*b* GS Getuienis; Openbaring.
*c* GS Krag.
*d* Jes. 64:4; 1 Kor. 2:9; 3 Ne. 17:15–17; L&V 76:114–116.
11*a* Openb. 1:10.
12*a* GS Transfigurasie.
*b* L&V 110:1; 137:1; 138:11, 29.
13*a* Moses 4:2.
14*a* L&V 109:57.
*b* GS Visioen.
15*a* GS Joseph Smith Vertaling (JSV).
16*a* GS Seun van die Mens.
*b* Joh. 5:28.
17*a* GS Werke.
*b* GS Opstanding.
*c* Hand. 24:15.
19*a* GS Peins.
20*a* GS Jesus Christus—Heerlikheid van Jesus Christus.
*b* Hand. 7:56.
*c* GS God, Godheid—God die Vader.
21*a* Matt. 25:31; L&V 130:6–7; 136:37.
*b* GS Heiligmaking.
*c* GS Aanbid.

22 En nou, na die vele getuienisse wat van Hom gegee is, dit is die [a]getuienis, laaste van almal, wat ons van Hom gee: Dat Hy [b]leef!

23 Want ons het Hom [a]gesien, en wel aan die regterhand van [b]God: en ons het die stem gehoor wat getuienis lewer dat Hy die [c]Eniggeborene van die Vader is—

24 Dat deur [a]Hom, en deur middel van Hom, en van Hom die [b]wêrelde geskape word en was, en die inwoners daarvan is gebore [c]seuns en dogters vir God.

25 En dit het ons ook gesien, en lewer getuienis dat 'n [a]engel van God wat gesag gehad het in die teenwoordigheid van God, wat gerebelleer het teen die Eniggebore Seun vir wie die Vader liefgehad het en wat in die boesem van die Vader was, neergewerp is vanuit die teenwoordigheid van God en die Seun,

26 En is Verderf genoem, want die hemele het geween oor hom—hy was [a]Lucifer, 'n seun van die daeraad.

27 En ons het aanskou, en sien, hy is [a]gevalle! Is gevalle, ja 'n seun van die daeraad!

28 En terwyl ons nog in die Gees was, het die Here ons gebied dat ons die visioen moes neerskryf; want ons het Satan aanskou, daardie ou [a]slang, naamlik die [b]duiwel, wat [c]gerebelleer het teen God, en gesoek het om die koninkryk van ons God en sy Christus te neem—

29 Daarom, hy voer [a]oorlog teen die heiliges van God, en omsingel hulle rondomheen.

30 En ons het 'n visioen gesien van die lyding van diegene teen wie hy oorlog gevoer en oorwin het, want aldus het die stem van die Here na ons gekom:

31 So sê die Here, aangaande al diegene wat my mag ken, en deelgenote gemaak is daarvan, en toegelaat het dat hulle [a]oorwin word deur die mag van die duiwel, en om die waarheid te verloën en my mag te minag—

32 Hulle is dié wat die [a]seuns van die [b]verderf is, van wie Ek sê dat dit beter vir hulle sou gewees het as hulle nooit gebore was nie;

33 Want hulle is vate van toorn, verdoem om die toorn van God te ly, met die duiwel en al sy engele in ewigheid;

34 Aangaande wie Ek gesê het daar geen [a]vergifnis in hierdie

22*a* GS Getuienis.
*b* L&V 20:17.
23*a* GS Jesus Christus—Nadoodse verskynings van Christus.
*b* GS God, Godheid—God die Vader.
*c* Joh. 1:14. GS Eniggeborene.
24*a* Hebr. 1:1–3; 3 Ne. 9:15; L&V 14:9; 93:8–10.
*b* Moses 1:31–33; 7:30. GS Skep, Skepping.
*c* Hand. 17:28, 29; Hebr. 12:9. GS Seuns en Dogters van God.
25*a* L&V 29:36–39; Moses 4:1–4. GS Duiwel.
26*a* Jes. 14:12–17. GS Lucifer.
27*a* Lk. 10:18.
28*a* Openb. 12:9.
*b* GS Duiwel.
*c* GS Oorlog in die Hemel.
29*a* Openb. 13:7; 2 Ne. 2:18; 28:19–23.
31*a* GS Afval.
32*a* GS Seuns van die Verderf.
*b* L&V 76:26; Moses 5:22–26.
34*a* Matt. 12:31–32. GS Vergewe.

wêreld is nie, nóg in die toekomende wêreld—

35 Want hulle het die Heilige Gees [a]verloën na dit ontvang is, en die Eniggebore Seun van die Vader verloën het, en Hom tot hulself [b]gekruisig het en Hom openlik beskaam het.

36 Dit is hulle wat sal weggaan in die [a]poel van vuur en swael, saam met die duiwel en sy engele—

37 En die enigstes oor wie die tweede [a]dood enige mag sal hê;

38 Ja, voorwaar, die [a]enigstes wat nie verlos sal word in die bepaalde tyd van die Here nie, na die lyding van sy toorn.

39 Want al die res sal [a]voortgebring word deur die [b]opstanding van die dode, deur die triomf en die heerlikheid van die [c]Lam, wat geslag is, wat in die boesem was van die Vader voordat die wêrelde geskape is.

40 En dit is die [a]evangelie, die blye tydings, wat die stem vanuit die hemele getuienis gelewer het aan ons—

41 Dat Hy in die wêreld ingekom het, naamlik Jesus, om [a]gekruisig te word vir die wêreld, en om die sondes te [b]dra van die [c]wêreld, en om die wêreld te [d]heilig, en om dit te [e]reinig van alle ongeregtigheid.

42 Dat deur Hom almal [a]gered mag word wat die Vader onder sy mag geplaas het en deur Hom gemaak is;

43 Wat die Vader verheerlik, en al die werke van sy hande red, behalwe daardie seuns van die verderf wat die Seun verloën nadat die Vader Hom geopenbaar het.

44 Daarom, Hy red almal behalwe hulle—hulle sal weggaan na [a]ewigdurende [b]straf, wat eindelose straf is, wat ewige straf is, om te heers met die [c]duiwel en sy engele in ewigheid, waar hulle [d]wurm nie sterf, en die vuur nie geblus word nie, wat hulle pyniging is—

45 En die [a]einde daarvan, nóg die plek daarvan, nóg hulle pyniging, weet geen mens nie;

46 Nóg was dit geopenbaar, nóg is, nóg sal geopenbaar word aan die mens, behalwe aan hulle wat deelgenote daarvan gemaak word;

47 Nietemin, Ek, die Here, toon dit deur 'n visioen aan vele, maar sluit dit weer dadelik;

---

35 *a* 2 Petr. 2:20–22; Alma 39:6. GS Onvergeeflike Sonde.
*b* Hebr. 6:4–6; 1 Ne. 19:7; L&V 132:27.
36 *a* Openb. 19:20; 20:10; 21:8; 2 Ne. 9:16; 28:23; Alma 12:16–18; L&V 63:17.
37 *a* GS Dood, Geestelike.
38 *a* GS Seuns van die Verderf.
39 *a* DI verlos; sien vers 38. Almal sal opgewek word. Sien Alma 11:41–45. GS Opwek.
*b* GS Opstanding.
*c* GS Jesus Christus.
40 *a* 3 Ne. 27:13–22. GS Evangelie; Plan van Verlossing.
41 *a* GS Kruisiging.
*b* Jes. 53:4–12; Hebr. 9:28.
*c* 1 Joh. 2:1–2.
*d* GS Heiligmaking.
*e* GS Verlos, Verlossing.
42 *a* GS Heil.
44 *a* L&V 19:6–12.
*b* GS Verdoemenis.
*c* GS Duiwel.
*d* Jes. 66:24; Mark. 9:43–48.
45 *a* L&V 29:28–29.

48 Daarom, die einde, die wydte,
die hoogte, die [a]diepte, en die ellende daarvan, verstaan hulle nie,
nóg enige mens, behalwe diegene
wat [b]geordineer is tot hierdie [c]veroordeling.
49 En ons het die stem gehoor
wat sê: Skryf die visioen neer,
want sien, dit is die einde van
die visioen van die lyding van
die goddelose.
50 En weer lewer ons getuienis—want ons het gesien en gehoor, en dit is die [a]getuienis van
die evangelie van Christus aangaande hulle wat sal voortkom
in die [b]opstanding van die regverdiges—
51 Dit is hulle wat die getuienis
van Jesus ontvang het, en [a]geglo
het in sy Naam en [b]gedoop is volgens die [c]wyse van sy begrafnis,
en [d]begrawe is in die water in sy
Naam, en dit ooreenkomstig die
gebod wat Hy gegee het—
52 Sodat deur die onderhouding van die gebooie hulle [a]gewas en [b]gereinig mag word van al
hulle sondes, en die Heilige Gees
ontvang deur die oplegging van
[c]hande deur hom wat [d]geordineer
is en verseël is tot hierdie [e]mag;
53 En wat deur geloof oorwin,
en [a]verseël word deur die [b]Heilige Gees van belofte, wat die
Vader uitstort oor al diegene wat
regverdig en getrou is.
54 Dit is hulle wat die kerk van
die [a]Eersgeborene is.
55 Dit is hulle in wie se hande
die Vader [a]alle dinge gegee het—
56 Dit is hulle wat [a]priesters en
konings is, wat ontvang het van
sy volheid en van sy heerlikheid;
57 En is [a]priesters van die Allerhoogste, volgens die orde van
Melgisédek, wat volgens die orde
van [b]Henog was, wat volgens die
[c]orde van die Eniggebore Seun
was.
58 Daarom, soos dit geskryf is,
hulle is [a]gode, naamlik die [b]seuns
van [c]God—
59 Daarom, [a]alle dinge is hulle
s'n, hetsy lewe of dood, of teenwoordige dinge, of toekomende

48 *a* Openb. 20:1.
*b* DI gevonnis, toegewys.
*c* Alma 42:22.
50 *a* GS Getuienis.
*b* GS Opstanding.
51 *a* L&V 20:25–27, 37.
*b* GS Doop.
*c* L&V 128:13.
*d* Rom. 6:3–5.
GS Doop—Doop deur onderdompeling.
52 *a* 2 Ne. 9:23; Moro. 8:25–26.
*b* GS Suiwer, Suiwerheid.
*c* GS Gawe van die Heilige Gees; Hande, Oplegging van.
*d* GS Ordineer, Ordinering.
*e* GS Gesag.
53 *a* GS Verseël, Verseëling.
*b* Efés. 1:13; L&V 88:3–5.
GS Heilige Gees van Belofte.
54 *a* Hebr. 12:23; L&V 93:21–22.
GS Eersgeborene.
55 *a* 2 Petr. 1:3–4; L&V 50:26–28; 84:35–38.
56 *a* Ex. 19:6; Openb. 1:5–6; 20:6.
57 *a* GS Priester, Melgisédekse Priesterskap.
*b* Gén. 5:21–24.
GS Henog.
*c* L&V 107:1–4.
58 *a* Ps. 82:1, 6; Joh. 10:34–36.
GS Mens die, Mense—Die mens, potensiaal om soos Hemelse Vader te word.
*b* GS Seuns en Dogters van God.
*c* L&V 121:32.
GS God, Godheid.
59 *a* Lk. 12:42–44; 3 Ne. 28:10; L&V 84:36–38.

dinge, alles behoort aan hulle en hulle behoort aan Christus, en Christus behoort aan God.

60 En hulle sal alle dinge [a]oorwin.

61 Daarom, laat niemand [a]roem in die mens nie, maar laat hom eerder [b]roem in God, wat alle vyande onder sy voete sal [c]onderwerp.

62 Hulle sal [a]woon in die [b]teenwoordigheid van God en sy Christus vir ewig en ewig.

63 Dit is [a]hulle vir wie Hy saam met Hom sal bring wanneer Hy sal [b]kom in die wolke van die hemel om op die aarde te [c]heers oor sy volk.

64 Dit is hulle wat sal deel hê aan die [a]eerste opstanding.

65 Dit is hulle wat te voorskyn sal kom in die [a]opstanding van die regverdiges.

66 Dit is hulle wat na [a]Berg [b]Sion moet kom, en na die stad van die lewende God, die hemelse plek, die heiligste van alles.

67 Dit is hulle wat gekom het na 'n ontelbare skare engele, na die algemene samekoms en die kerk van [a]Henog, en van die [b]Eersgeborene.

68 Dit is hulle wie se name [a]geskryf is in die hemel, waar God en Christus die [b]regter is van almal.

69 Dit is hulle wat [a]regverdige mense is wat [b]vervolmaak is deur Jesus, die Middelaar van die [c]nuwe verbond, wat hierdie volmaakte [d]versoening teweeggebring het deur die vergieting van sy eie [e]bloed.

70 Dit is hulle wie se liggame [a]selestiaal is, wie se [b]heerlikheid dié van die [c]son is, naamlik die heerlikheid van God, die hoogste van almal, wie se heerlikheid, die son van die uitspansel, beskryf word as 'n tipe.

71 En verder, ons het die [a]terrestriale wêreld gesien, en kyk en sien, dit is hulle wat van die terrestriale is, wie se heerlikheid verskil van dit van die kerk van die Eersgeborene wat die volheid ontvang het van die Vader,

---

60 *a* Openb. 3:5; 21:7.
61 *a* Joh. 5:41–44; 1 Kor. 3:21–23.
*b* 2 Ne. 33:6; Alma 26:11–16. GS Heerlikheid.
*c* L&V 49:6.
62 *a* Ps. 15:1–3; 24:3–4; 1 Ne. 15:33–34; Moses 6:57.
*b* L&V 130:7. GS Ewige Lewe.
63 *a* L&V 88:96–98. GS Tweede Koms van Jesus Christus.
*b* Matt. 24:30.
*c* L&V 58:22. GS Jesus Christus—Christus se heerskappy in die Millennium.
64 *a* Openb. 20:6.
65 *a* GS Opstanding.
66 *a* Jes. 24:23; Hebr. 12:22–24; Openb. 14:1; L&V 84:2; 133:56.
*b* GS Sion.
67 *a* L&V 45:9–12.
*b* Hebr. 12:23; L&V 76:53–54. GS Eersgeborene.
68 *a* GS Boek van die Lewe.
*b* GS Jesus Christus—Regter.
69 *a* L&V 129:3; 138:12.
*b* Moro. 10:32–33.
*c* GS Nuwe en Ewigdurende Verbond.
*d* GS Versoen, Versoening.
*e* GS Bloed.
70 *a* L&V 88:28–29; 131:1–4; 137:7–10. GS Selestiale Heerlikheid.
*b* L&V 137:1–4.
*c* Matt. 13:43.
71 *a* L&V 88:30. GS Terrestriale Heerlikheid.

net soos die [b]maan verskil van die son in die uitspansel.

72 Kyk, dit is hulle wat gesterf het [a]sonder die [b]wet;

73 En ook hulle wat die [a]geeste is van mense wat in die [b]gevangenis gehou word, vir wie die Seun besoek het, en die [c]evangelie aan hulle [d]gepreek het, sodat hulle geoordeel mag word volgens mense in die vlees;

74 Wat nie die [a]getuienis van Jesus in die vlees aangeneem het nie, maar dit daarna aangeneem het.

75 Dit is hulle wat die eerbare mense van die aarde is, wat verblind is deur die listigheid van die mens.

76 Dit is hulle wat van sy heerlikheid ontvang, maar nie van sy volheid nie.

77 Dit is hulle wat die teenwoordigheid van die Seun ontvang, maar nie van die volheid van die Vader nie.

78 Daarom, hulle is [a]terrestriale liggame, en nie selestiale liggame nie, en verskil in heerlikheid soos die maan van die son verskil.

79 Dit is hulle wat nie [a]vasstaan in die getuienis van Jesus nie; daarom verkry hulle nie die kroon oor die koninkryk van ons God nie.

80 En nou, dit is die einde van die visioen wat ons gesien het van die terrestriale, wat die Here ons gebied het om te skryf terwyl ons nog in die gees was.

81 En verder, ons het die heerlikheid van die [a]telestiale gesien, welke heerlikheid dit van die mindere is, net soos die heerlikheid van die sterre verskil van die heerlikheid van die maan in die uitspansel.

82 Dit is hulle wat nie die evangelie van Christus ontvang het nie, nóg die [a]getuienis van Jesus.

83 Dit is hulle wat nie die Heilige Gees verloën nie.

84 Dit is hulle wat neergewerp word in die [a]hel.

85 Dit is hulle wat nie verlos sal word van die [a]duiwel tot die [b]laaste opstanding nie, totdat die Here, naamlik Christus die [c]Lam, sy werk sal voltooi nie.

86 Dit is hulle wat nie van sy volheid ontvang in die ewige wêreld nie, maar van die Heilige Gees deur die bediening van die terrestriale;

87 En die terrestriale deur die [a]bediening van die selestiale.

88 En ook, die telestiale ontvang dit deur die bediening van engele wat aangestel is om hulle te dien, of wat aangestel is om dienende

71 *b* 1 Kor. 15:40–41.
72 *a* L&V 137:7, 9.
*b* GS Wet.
73 *a* Alma 40:11–14. GS Gees.
*b* L&V 88:99; 138:8. GS Heil vir die Dode; Hel.
*c* GS Evangelie.
*d* 1 Petr. 3:19–20; 4:6; L&V 138:28–37.
74 *a* GS Getuienis.
78 *a* 1 Kor. 15:40–42.
79 *a* L&V 56:16.
81 *a* L&V 88:31. GS Telestiale Heerlikheid.
82 *a* L&V 138:21.
84 *a* 2 Ne. 9:12; Alma 12:11. GS Hel.
85 *a* GS Duiwel.
*b* Alma 11:41; L&V 43:18; 88:100–101.
*c* GS Lam van God.
87 *a* L&V 138:37.

geeste te wees vir hulle; want
hulle sal erfgename wees van heil.
89 En dus het ons gesien, in die
hemelse visioen, die heerlikheid
van die telestiale, wat alle begrip
oortref;
90 En geen mens weet dit nie,
behalwe hom aan wie God dit geopenbaar het.
91 En dus het ons die heerlikheid van die terrestriale gesien
wat in alle dinge die heerlikheid
van die telestiale oortref, naamlik in heerlikheid, en in mag, en
in heerskappy.
92 En dus het ons die heerlikheid van die selestiale gesien, wat
in alle dinge oortref—waar God,
naamlik die Vader, heers op sy
troon vir ewig en ewig;
93 Voor wie se troon alle dinge
neerbuig in nederige [a]eerbied, en
hom verheerlik vir ewig en ewig.
94 Hulle wat woon in sy [a]teenwoordigheid is die kerk van die
[b]Eersgeborene; en hulle sien soos
hulle gesien word, en ken soos
hulle [c]geken word, omdat hulle
van sy volheid en van sy [d]genade
ontvang het;
95 En hy maak hulle [a]gelyk in
mag, en in krag, en in heerskappy.
96 En die heerlikheid van die selestiale is een, net soos die heerlikheid van die [a]son een is.
97 En die heerlikheid van die
terrestriale is een, net soos die
heerlikheid van die maan een is.
98 En die heerlikheid van die telestiale is een, net soos die heerlikheid van die sterre een is; want
soos een ster verskil van 'n ander
in heerlikheid, net so verskil die
een van die ander in heerlikheid
in die telestiale wêreld;
99 Want dit is hulle wat van
[a]Paulus is, en van Apollos, en
van Céfas.
100 Dit is hulle wat sê hulle is
van een en sommiges van 'n ander—sommiges van Christus en
sommiges van Johannes, en sommiges van Moses, en sommiges van Elías, en sommiges van
Esaias, en sommiges van Jesaja,
en sommiges van Henog;
101 Maar nie die evangelie ontvang het nie, nóg die getuienis
van Jesus, nóg die profete, nóg
die [a]ewigdurende verbond.
102 En uiteindelik, dit is hulle
almal wat nie saam met die heiliges [a]versamel sal word om opgeneem te word in die [b]kerk van
die Eersgeborene, en ontvang te
word in die wolk nie.
103 Dit is [a]hulle wat [b]leuenaars,
en towenaars, en [c]egbrekers, en
hoereerders is, en wie ook al 'n
leuen liefhet en lieg.
104 Dit is hulle wat die [a]toorn
van God ly op die aarde.

93 *a* GS Eerbied.
94 *a* L&V 130:7.
*b* GS Eersgeborene.
*c* 1 Kor. 13:12.
*d* GS Genade.
95 *a* L&V 29:13; 78:5–7; 84:38; 88:107; 132:20.
96 *a* 1 Kor. 15:40–41.
99 *a* 1 Kor. 3:4–7, 22.
101 *a* GS Nuwe en Ewigdurende Verbond.
102 *a* 1 Thes. 4:16–17; L&V 88:96–98.
*b* L&V 78:21.
103 *a* Openb. 21:8; L&V 63:17–18.
*b* GS Lieg.
*c* GS Egbreuk.
104 *a* GS Verdoemenis.

105 Dit is hulle wat die [a]wraak
van die ewige vuur ly.
106 Dit is hulle wat neergewerp
is in die [a]hel en die toorn van [b]Al-
magtige God [c]ly, tot die [d]volheid
van tye, wanneer Christus alle vy-
ande onder sy voete [e]onderwerp
het, en sy werk sal [f]vervolmaak
het;
107 Wanneer hy die koninkryk
sal oorhandig, en dit aan die Va-
der aanbied, vlekkeloos, en sê: Ek
het oorwin en die [a]wynpers alleen
[b]getrap, naamlik die wynpers van
die felheid van die toorn van die
Almagtige God.
108 Dan sal Hy gekroon word
met die kroon van sy heerlikheid,
om te sit op die [a]troon van sy mag
om te heers vir ewig en ewig.
109 Maar kyk, en sien, ons het
die heerlikheid en die inwoners
van die telestiale wêreld gesien,
dat hulle so talryk was soos die
sterre in die uitspansel van die he-
mel, of soos die sand op die see-
strand;
110 En die stem van die Here
gehoor wat sê: Al hierdie sal die
knie buig, en elke tong sal [a]bely
aan hom wat op die troon sit vir
ewig en ewig.
111 Want hulle sal geoordeel
word volgens hulle werke, en
elke mens sal volgens sy eie
[a]werke ontvang, sy eie heers-
kappy, in die [b]wonings wat voor-
berei is;
112 En hulle sal diensknegte
wees van die Allerhoogste; maar
[a]waar God en Christus [b]woon,
kan hulle nie kom nie, wêrelde
sonder einde.
113 Dit is die einde van die visi-
oen wat ons gesien het, wat ons
gebied is om te skryf terwyl ons
nog in die Gees was.
114 Maar [a]groot en wonderbaar-
lik is die werke van die Here, en
die [b]verborgenhede van sy ko-
ninkryk wat Hy aan ons ge-
toon het, wat alle begrip oortref
in heerlikheid, en in mag en in
heerskappy;
115 Wat Hy ons gebied het ons
nie moes skryf terwyl ons nog in
die gees was nie, en is nie [a]toelaat-
baar vir die mens om te uiter nie;
116 Nóg is die mens [a]in staat
om hulle bekend te maak, want
hulle kan net gesien en [b]begryp
word deur die mag van die Hei-
lige Gees, wat God skenk aan die-
gene wat Hom liefhet, en hulleself
voor Hom reinig;
117 Aan wie Hy hierdie voor-
reg gun om vir hulleself te sien
en te weet;

---

105*a* Judas 1:7.
106*a* GS Hel.
*b* L&V 87:6.
*c* L&V 19:3–20.
*d* Efés. 1:10.
*e* 1 Kor. 15:24–28.
*f* Hebr. 10:14.
107*a* Gén. 49:10–12; Jes. 63:1–3.
*b* Openb. 19:15; L&V 88:106; 133:46–53.
108*a* L&V 137:3.
110*a* Filip. 2:9–11; Mosia 27:31.
111*a* Openb. 20:12–13. GS Werke.
*b* Joh. 14:2; L&V 59:2; 81:6.
112*a* L&V 29:29.
*b* Openb. 21:23–27.
114*a* Openb. 15:3; Morm. 9:16–18; Moses 1:3–5.
*b* Jakob 4:8.
115*a* 2 Kor. 12:4.
116*a* 3 Ne. 17:15–17; 19:32–34.
*b* 1 Kor. 2:10–12.

118 Dat deur die mag en openbaring van die Gees, terwyl in die vlees, hulle in staat is om sy teenwoordigheid in die wêreld van heerlikheid te verduur.

119 En aan God en die Lam kom heerlikheid toe, en eer, en heerskappy vir ewig en ewig. Amen.

# AFDELING 77

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet, te Hiram, Ohio, ongeveer Maart 1832. Joseph Smith se geskiedenis verklaar, "Betreffende die vertaling van die Skrifture het ek die volgende verduideliking van die Openbaring van Johannes ontvang."*

*1–4, Diere het geeste en sal in ewige geluksaligheid woon; 5–7, Hierdie aarde het 'n tydelike bestaan van 7,000 jaar; 8–10, Verskeie engele herstel die evangelie en dien op die aarde; 11, Die verseëling van die 144,000; 12–14, Christus sal kom aan die begin van die sewende duisend jaar; 15, Twee profete sal verwek word vir die Joodse nasie.*

VRAAG: Wat is die [a]see van glas waarvan Johannes spreek, 4de hoofstuk, en 6de vers van Openbaring?
ANTWOORD: Dit is die [b]aarde, in sy geheiligde, onsterflike, en [c]ewige toestand.
2 Vraag: Wat moet ons verstaan onder die vier diere waarvan in dieselfde vers gespreek word?
Antwoord: Hulle is [a]figuurlike uitdrukkings, gebruik deur die Openbaarder, Johannes, om die [b]hemel, die [c]paradys van God, die [d]vreugde van die mens en van diere en van kruipende dinge en van die voëls van die lug te beskryf; dit wat geestelik is, is in die gelykenis van dit wat stoflik is; en dit wat stoflik is, is in die gelykenis van dit wat geestelik is; die [e]gees van die mens is in die gelykenis van sy persoon, so ook die gees van die [f]dier, en elke ander skepsel wat die Here geskape het.
3 Vraag: Is die vier diere beperk tot individuele diere, of verteenwoordig hulle klasse of ordes?
Antwoord: Hulle is beperk tot vier individuele diere, wat aan Johannes getoon is, om die heerlikheid van die klasse van diere in hulle bestemde orde of [a]sfeer van skepping te verteenwoordig, in die genieting van hul ewige [b]geluk.

**77** 1*a* L&V 130:6–9.
*b* L&V 88:17–20, 25–26.
*c* GS Aarde—Finale toestand van die aarde; Selestiale Heerlikheid.
2*a* GS Simbolisme.
*b* GS Hemel.
*c* GS Paradys.
*d* GS Vreugde.
*e* Ether 3:15–16; Abr. 5:7–8. GS Gees.
*f* Moses 3:19.
3*a* L&V 93:30; Moses 3:9.
*b* L&V 93:33–34.

4 Vraag: Wat moet ons verstaan onder die oë en vlerke wat die diere gehad het?

Antwoord: Hulle oë is ′n voorstelling van lig en [a]kennis, dit is, hulle is vol kennis; en hulle vlerke is ′n voorstelling van [b]mag, om te beweeg, om te handel, ens.

5 Vraag: Wat moet ons verstaan onder die vier en twintig [a]ouderlinge van wie Johannes gespreek het?

Antwoord: Ons moet verstaan dat hierdie ouderlinge wat Johannes gesien het, ouderlinge was wat [b]getrou was in die werk van die bediening en gesterf het; wat behoort het aan die [c]sewe kerke, en toe in die paradys van God was.

6 Vraag: Wat moet ons verstaan onder die boek wat Johannes gesien het, wat op die rug [a]verseël was met sewe seëls?

Antwoord: Ons moet verstaan dat dit die geopenbaarde wil, [b]verborgenhede en die werke van God bevat; die versteekte dinge van sy beheer betreffende hierdie [c]aarde gedurende die seweduisend jaar van die voortduur daarvan, of die tydelike bestaan daarvan.

7 Vraag: Wat moet ons verstaan onder die sewe seëls waarmee dit verseël was?

Antwoord: Ons moet verstaan dat die eerste seël die dinge van die [a]eerste duisend jaar bevat, en die tweede ook van die tweede duisend jaar, en so aan tot die sewende.

8 Vraag: Wat moet ons verstaan onder die vier engele waarvan gespreek word in die 7de hoofstuk en 1ste vers van Openbaring?

Antwoord: Ons moet verstaan dat hulle vier engele is wat uitgestuur is deur God, aan wie mag gegee is oor die vier hoeke van die aarde, om lewens te red en te vernietig; dit is hulle wat die [a]ewigdurende evangelie het om toe te vertrou aan elke nasie, stam, taal en volk; met die mag om die hemele te sluit, om tot die lewe te verseël, of na die [b]gebiede van die duisternis neer te werp.

9 Vraag: Wat moet ons verstaan onder die engel wat opkom vanuit die ooste, Openbaring 7de hoofstuk en 2de vers?

Antwoord: Ons moet verstaan dat die engel wat opkom vanuit die ooste hy is aan wie die seël van die lewende God oor die twaalf stamme van [a]Israel gegee word; daarom roep hy tot die vier engele wat die ewigdurende evangelie het, en sê: Moenie die aarde beskadig nie, nóg die see, nóg die bome, totdat ons die diensknegte van ons God op hulle [b]voorhoofde geseël het. En, as julle dit wil aanvaar, dit is [c]Elías

4*a* GS Kennis.
*b* GS Krag.
5*a* Openb. 4:4, 10.
*b* Openb. 14:4–5.
*c* Openb. 1:4.
6*a* Openb. 5:1.
*b* GS Verborgenhede van God.
*c* GS Aarde.
7*a* L&V 88:108–110.
8*a* Openb. 14:6–7.
*b* Matt. 8:11–12; 22:1–14; L&V 133:71–73.
9*a* Openb. 7:4–8.
*b* Eség. 9:4.
*c* GS Elías.

wat sou kom om die stamme van
Israel byeen te versamel en alle
dinge te [d]herstel.
10 Vraag: Wanneer sal die dinge
waarvan gespreek word in hier-
die hoofstuk vervul word?
Antwoord: Hulle sal vervul
word in die [a]sesde duisend jaar,
of die opening van die sesde seël.
11 Vraag: Wat moet ons verstaan
onder die verseëling van die [a]een-
honderd vier en veertigduisend,
vanuit al die stamme van Israel—
twaalfduisend uit elke stam?
Antwoord: Ons moet verstaan
dat diegene wat verseël is, [b]hoë-
priesters is, geordineer tot die
heilige orde van God, om die
ewigdurende evangelie te be-
dien, want dit is hulle wat geor-
dineer is uit elke nasie, stam, taal
en volk, deur die engele aan wie
mag gegee is oor die nasies van
die aarde, om soveel as wat wil
kom, na die kerk van die [c]Eers-
geborene te bring.
12 Vraag: Wat moet ons verstaan
onder die klink van die [a]trom-
pette waarna verwys word in die
8ste hoofstuk van Openbaring?
Antwoord: Ons moet verstaan
dat soos God die wêreld in ses
dae gemaak het, en op die se-
wende dag sy werk voltooi het, en
dit [b]geheilig het, en ook die mens
uit die [c]stof van die aarde gevorm
het, net so, aan die begin van die
sewende duisend jaar sal die Here
God die aarde [d]heilig, en die heil
van die mens volbring, en alle
dinge [e]oordeel, en sal alle dinge
[f]verlos behalwe dit wat Hy nie in
sy mag geplaas het nie, wanneer
Hy alle dinge sal verseël het, tot
die einde van alle dinge; en die
klink van die trompette van die
sewe engele is die voorbereiding
en voleindiging van sy werk, aan
die begin van die sewende dui-
send jaar—die bereiding van die
weg voor die tyd van sy koms.
13 Vraag: Wanneer sal die dinge
volbring word wat opgeteken is
in die 9de hoofstuk van Openba-
ring?
Antwoord: Dit sal volbring
word na die opening van die se-
wende seël, voor die koms van
Christus.
14 Vraag: Wat moet ons verstaan
onder die klein boekie wat deur
Johannes [a]geëet was, waarna ver-
wys word in die 10de hoofstuk
van Openbaring?
Antwoord: Ons moet verstaan
dat dit ′n sending was, en ′n or-
dinansie, vir hom om die stamme
van Israel te [b]versamel; kyk, dit
is Elías, wat, soos dit geskryf is,
moet kom en alle dinge [c]herstel.
15 Vraag: Wat moet verstaan
word onder die twee [a]getuies, in

9 *d* GS Herstelling van die Evangelie.
10 *a* Openb. 6:12–17.
11 *a* Openb. 14:3–5.
*b* GS Hoëpriester.
*c* L&V 76:51–70. GS Eersgeborene.
12 *a* Openb. 8:2.
*b* Gén. 2:1–3; Ex. 20:11; 31:12–17; Mosia 13:16–19; Moses 3:1–3; Abr. 5:1–3.
*c* Gén. 2:7.
*d* L&V 88:17–20.
*e* GS Jesus Christus—Regter.
*f* GS Verlos, Verlossing.
14 *a* Eség. 2:9–10; 3:1–4; Openb. 10:10.
*b* GS Israel—Die versameling van Israel.
*c* Matt. 17:11.
15 *a* Openb. 11:1–14.

die elfde hoofstuk van Openbaring?

Antwoord: Hulle is twee profete wat verwek sal word vir die [b]Joodse nasie in die [c]laaste dae, ten tye van die [d]herstelling, en om te profeteer aan die Jode nadat hulle versamel is en die stad Jerusalem gebou het in die [e]land van hulle vaders.

## AFDELING 78

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet te Kirtland, Ohio, 1 Maart 1832. Op daardie dag het die Profeet en ander leiers byeengekom om Kerksake te bespreek. Hierdie openbaring het oorspronklik die Profeet, Sidney Rigdon, en Newel K. Whitney beveel om na Missouri te reis en die Kerk se handels- en drukkerybelange te organiseer deur 'n "maatskappy" te stig wat sou toesig hou oor hierdie pogings, om fondse te genereer vir die vestiging van Sion en tot die voordeel van die armes. Hierdie maatskappy, bekend as die United Firm [Verenigde Maatskappy], is in April 1832 georganiseer en ontbind in 1834 (sien afdeling 82). 'n Tydperk na die ontbinding daarvan, onder die leiding van Joseph Smith, het die frase "die sake van die voorraadskuur vir die armes" die "handels- en drukkery belange" vervang in dié openbaring, en die woord "orde" het die woord "maatskappy" vervang.*

*1–4, Die Heiliges moet 'n voorraadskuur organiseer en vestig; 5–12, Die verstandige gebruik van hulle besittings sal lei tot heil; 13–14, Die Kerk moet onafhanklik wees van aardse magte; 15–16, Mígael (Adam) dien onder die leiding van die Heilige Een (Christus); 17–22, Geseënd is die getroues, want hulle sal alle dinge beërwe.*

DIE Here het tot Joseph Smith, Jr., gespreek en gesê: Slaan ag op My, sê die Here julle God, julle wat geordineer is tot die [a]hoëpriesterskap van my kerk, wat julleself byeen versamel het;

2 En luister na die [a]raad van Hom wat julle van omhoog [b]geordineer het, wat die woorde van wysheid in jul ore sal spreek, sodat heil tot julle mag wees in daardie ding wat julle voor My gebring het, sê die Here God.

3 Want voorwaar Ek sê vir julle, dat die tyd gekom het, en nou op hande is; en kyk, en sien, dit is noodwendig dat daar 'n

15*b* GS Jode.
*c* GS Laaste Dae.
*d* GS Herstelling van die Evangelie.
*e* Amos 9:14–15.
**78** 1*a* GS Melgisédekse Priesterskap.
2*a* GS Raad.
*b* GS Ordineer, Ordinering.

[a]organisasie moet wees vir my
volk, vir die beheer en vestiging
van ʼn [b]voorraadskuur vir die [c]ar-
mes van my volk, beide in hierdie
plek en in die land [d]Sion—
4 Vir die permanente en ewig-
durende vestiging en orde vir my
kerk, om die saak te bevorder, wat
julle aangeneem het, vir die heil
van die mens, en vir die heerlik-
heid van julle Vader wat in die
hemel is;
5 Dat julle [a]gelyk mag wees in
die verbintenisse van hemelse
dinge, ja en ook in aardse dinge,
vir die verkryging van hemelse
dinge.
6 Want as julle nie gelyk is in
aardse dinge nie, kan julle nie ge-
lyk wees in die verkryging van
hemelse dinge nie;
7 Want as julle wil dat Ek aan
julle ʼn plek gee in die [a]selestiale
wêreld, moet julle julself [b]voor-
berei deur dié dinge te [c]doen wat
Ek julle gebied het en vereis het
van julle.
8 En nou, voorwaar so sê die
Here, dit is raadsaam dat alle
dinge gedoen word tot my [a]heer-
likheid, deur julle wat saamge-
bind is in hierdie [b]orde;
9 Of, met ander woorde, laat my
dienskneg Newel K. Whitney en
my dienskneg Joseph Smith, Jr.,
en my dienskneg Sidney Rigdon
in raadpleging sit met die heili-
ges wat in Sion is;
10 Anders soek [a]Satan om hulle
harte weg te draai van die waar-
heid, dat hulle verblind word en
nie die dinge verstaan wat vir
hulle voorberei is nie.
11 Daarom, ʼn gebod gee Ek aan
julle, om julleself voor te berei en
te organiseer deur ʼn verbintenis
of ʼn ewigdurende [a]verbond wat
nie verbreek kan word nie.
12 En hy wat dit verbreek sal
sy amp en plek in die kerk kwyt
wees, en sal oorgelewer word aan
die [a]teisterings van Satan tot die
dag van verlossing.
13 Kyk, dit is die voorbereiding
waarmee Ek julle voorberei, en
die fondament, en die voorbeeld
wat Ek aan julle gee, waardeur
julle die gebooie wat aan julle ge-
gee word mag uitvoer;
14 Sodat deur my voorsienig-
heid, nieteenstaande die [a]beproe-
wing wat op julle sal neerdaal,
sodat die kerk onafhanklik mag
staan bo alle ander skepsels on-
der die selestiale wêreld;
15 Sodat julle mag opkom na die
[a]kroon wat voorberei word vir
julle, en [b]heersers gemaak word
oor vele koninkryke, sê die Here
God, die Heilige Een van Sion,
wat die fondamente van [c]Adam-
ondi-Ahman gevestig het;

3 *a* L&V 82:11–12, 15–21.
*b* L&V 72:9–10; 83:5–6.
*c* L&V 42:30–31. GS Welsyn.
*d* L&V 57:1–2.
5 *a* L&V 49:20. GS Toewy, Wet van Toewyding.
7 *a* GS Selestiale Heerlikheid.
*b* L&V 29:8; 132:3.
*c* L&V 82:10.
8 *a* Moses 1:39.
*b* L&V 92:1.
10 *a* GS Duiwel.
11 *a* GS Verbond.
12 *a* 1 Kor. 5:5; L&V 82:21; 104:8–10.
14 *a* L&V 58:2–4.
15 *a* GS Kroon; Verheffing.
*b* Openb. 5:10; L&V 76:56–60; 132:19.
*c* GS Adam-ondi-Ahman.

16 Wat [a]Mígael aangestel het as julle prins, en sy voete gevestig het, en hom omhoog gestel het, en aan hom die sleutels van heil gegee het onder die raadgewing en leiding van die Heilige Een, wat sonder begin van dae of einde van lewe is.

17 Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, julle is klein kindertjies, en julle het nog nie begryp watter groot seëninge die Vader in sy hande het en voorberei het vir julle nie;

18 En julle kan nie alle dinge nou [a]verdra nie; nietemin, wees blymoedig, want Ek sal julle [b]voortlei. Die koninkryk behoort aan julle en die seëninge daarvan behoort aan julle, en die rykdomme van die [c]ewigheid behoort aan julle.

19 En hy wat alle dinge met [a]dankbaarheid ontvang sal verheerlik word; en die dinge van hierdie aarde sal aan hom toegevoeg word, ja selfs 'n [b]honderdvoudig, ja, meer.

20 Daarom, doen die dinge wat Ek julle gebied het, sê julle Verlosser, naamlik die Seun [a]Ahman, wat alle dinge voorberei voordat Hy julle [b]neem;

21 Want julle is die [a]kerk van die Eersgeborene, en Hy sal julle [b]opneem in 'n wolk, en elkeen sy deel toeken.

22 En hy wat 'n getroue en 'n [a]verstandige [b]rentmeester is, sal [c]alle dinge beërwe. Amen.

# AFDELING 79

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Hiram, Ohio, 12 Maart 1832.*

*1–4, Jared Carter word geroep om die evangelie te preek deur die Trooster.*

Voorwaar Ek sê vir jou, dat dit my wil is dat my dienskneg Jared Carter weer na die oostelike streke moet gaan, van plek tot plek, en van stad tot stad, in die krag van die [a]ordinering waarmee hy georden is, en blye tydings van groot vreugde verkondig, naamlik die ewigdurende evangelie.

2 En Ek sal die [a]Trooster na hom stuur, wat hom die waarheid sal leer en die weg wat hy sal gaan;

16*a* L&V 27:11; 107:54–55. GS Adam.
18*a* Joh. 16:12; 3 Ne. 17:2–3; L&V 50:40.
*b* L&V 112:10.
*c* GS Ewige Lewe.
19*a* Mosia 2:20–21. GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
*b* Matt. 19:29.
20*a* L&V 95:17.
*b* 1 Thes. 4:17.
21*a* L&V 76:53–54.
*b* L&V 88:96–98.
22*a* L&V 72:3–4.
*b* GS Rentmeester, Rentmeesterskap.
*c* L&V 84:38.
**79** 1*a* L&V 52:38. GS Ordineer, Ordinering.
2*a* Joh. 14:26. GS Trooster.

3 En in soverre hy getrou is, sal Ek hom weer kroon met gerwe.
4 Daarom, laat jou hart bly wees, my dienskneg Jared Carter, en [a]vrees nie, sê jou Here, naamlik Jesus Christus. Amen.

## AFDELING 80

*Openbaring deur Joseph Smith die Profeet, aan Stephen Burnett gegee, te Hiram, Ohio, 7 Maart 1832.*

*1–5, Stephen Burnett en Eden Smith word geroep om te preek in welke plek hulle ook al verkies.*

VOORWAAR, so sê die Here aan jou my dienskneg Stephen Burnett: Gaan jy, gaan jy die wêreld in en [a]preek die evangelie aan elke skepsel wat binne die klank van jou stem kom.
2 En in soverre jy ʼn metgesel begeer, sal Ek aan jou my dienskneg Eden Smith gee.
3 Daarom, gaan julle en preek my evangelie, hetsy na die noorde of na die suide, na die ooste of die weste, dit maak nie saak nie, want julle kan nie ʼn fout begaan nie.
4 Daarom, verkondig die dinge wat julle gehoor het, en waarlik glo, en [a]weet dat dit waar is.
5 Kyk, dit is die wil van Hom wat julle [a]geroep het, julle Verlosser, naamlik Jesus Christus. Amen.

## AFDELING 81

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Hiram, Ohio, 15 Maart 1832. Frederick G. Williams is geroep om ʼn hoëpriester en ʼn raadgewer vir Joseph Smith in die Presidensie van die Hoëpriesterskap te wees. Die historiese verslae toon dat toe hierdie openbaring ontvang is in Maart 1832, dit vir Jesse Gause tot die amp van raadgewer vir Joseph Smith in die Presidensie geroep het. Toe hy egter nie daarin kon slaag om voort te gaan op ʼn wyse in ooreenstemming met hierdie aanstelling nie, is die roeping daarna oorgedra aan Frederick G. Williams. Die Openbaring (gedateer Maart 1832) moet beskou word as ʼn stap in die rigting tot die formele organisasie van die Eerste Presidensie, wat spesifiek die amp van raadgewer vereis in daardie groep en die waardigheid van die aanstelling verduidelik. Broer Gause het vir ʼn tydlank gedien, maar is geëkskommunikeer*

4*a* L&V 68:5–6.
**80** 1*a* Mark. 16:15.
4*a* GS Getuienis.
5*a* GS Roep, Geroepe van God, Roeping.

*vanuit die Kerk in Desember 1832. Broer Williams is geordineer tot die spesifieke amp op 18 Maart 1833.*

*1–2, Die sleutels van die koninkryk word altyd gehou deur die Eerste Presidensie; 3–7, Indien Frederick G. Williams getrou is in sy bediening, sal hy die ewige lewe hê.*

VOORWAAR, voorwaar, Ek sê vir jou my dienskneg Frederick G. Williams: Luister na die stem van Hom wat spreek, na die woord van die Here jou God, en slaan ag op die roeping waarmee jy geroep is, naamlik om 'n [a]hoëpriester in my kerk te wees, en 'n raadgewer vir my dienskneg Joseph Smith, Jr.;
2 Aan wie Ek die [a]sleutels van die koninkryk gegee het, wat altyd behoort aan die [b]Presidensie van die Hoëpriesterskap:
3 Daarom, voorwaar Ek erken hom en sal hom seën, en ook jou, in soverre jy getrou is in raadgewing, in die amp waartoe Ek jou aangestel het, altyd in gebed, hardop en in jou hart, in die openbaar en in die geheim, ook in jou bediening om die evangelie te verkondig in die land van die lewendes, en onder jou broers.
4 En sodoende sal jy die grootste goed doen aan jou medemens, en sal die [a]heerlikheid bevorder van Hom wat jou Here is.
5 Daarom, wees getrou; staan in die amp waarin Ek jou aangestel het; [a]staan die swakkes by, lig die hande op wat neerhang, en [b]versterk die [c]verswakte knieë.
6 En indien jy getrou is tot die einde, sal jy 'n kroon hê van [a]onsterflikheid, en die [b]ewige lewe in die [c]wonings wat Ek voorberei het in die huis van my Vader.
7 Sien, en kyk, hierdie is die woorde van Alfa en Omega, naamlik Jesus Christus. Amen.

## AFDELING 82

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet, te Independence, Jackson-distrik, Missouri, 26 April 1832. Die geleentheid was 'n raad van hoëpriesters en ouderlinge van die Kerk. Tydens die raad is Joseph Smith onderskraag as die President van die Hoëpriesterskap, tot welke amp hy voorheen geordineer is tydens 'n konferensie van hoëpriesters, ouderlinge, en lede, te Amherst, Ohio, 25 Januarie 1832 (sien die opskrif van afdeling 75). Hierdie openbaring herhaal die opdragte gegee in 'n vroeëre openbaring (afdeling 78) om*

**81** 1*a* GS Hoëpriester.
2*a* GS Sleutels van die Priesterskap.
*b* L&V 107:8–9, 22. GS Eerste Presidensie.
4*a* Moses 1:39.
5*a* Mosia 4:15–16.
*b* L&V 108:7.
*c* Jes. 35:3.
6*a* GS Onsterflik, Onsterflikheid.
*b* GS Ewige Lewe; Verheffing.
*c* Joh. 14:2–3; L&V 59:2; 106:8.

*'n maatskappy te vestig—bekend as die Verenigde Maatskappy (onder Joseph Smith se leiding, het die term "orde" later "maatskappy" vervang)—om die Kerk se handels- en drukkery belange te reguleer.*

*1–4, Waar veel gegee is, word veel vereis; 5–7, Duisternis heers in die wêreld; 8–13, Die Here is gebonde wanneer ons doen wat Hy sê; 14–18, Sion moet toeneem in skoonheid en heiligheid; 19–24, Elkeen moet die belange van sy naaste nastreef.*

Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir
julle, my diensknegte, dat in so-
verre julle mekaar jul oortredings
[a]vergewe het, net so vergewe Ek,
die Here, julle.
2 Nietemin, daar is diegene on-
der julle wat uitermate gesondig
het; ja, en wel [a]almal van julle het
gesondig; maar voorwaar Ek sê
vir julle, wees op jou hoede van
nou af, en weerhou van sonde,
sodat sware oordele nie op julle
hoofde val nie.
3 Want van hom aan wie [a]veel
gegee is, word veel [b]vereis en hy
wat [c]sondig teen die groter [d]lig,
sal die groter veroordeling ont-
vang.
4 Julle roep my Naam aan vir
[a]openbarings, en Ek gee hulle
aan julle, en in soverre julle nie
my woorde gehoorsaam wat Ek
aan julle gee nie, word julle oor-
treders; en [b]geregtigheid en oor-
deel is die straf wat gekoppel is
aan my wet.
5 Daarom, wat Ek aan een sê,
sê Ek aan almal: [a]Waak, want die
[b]teenstander versprei sy heers-
kappye, en die [c]duisternis heers;
6 En die toorn van God is ont-
vlam teen die inwoners van die
aarde; en niemand doen goed nie,
want almal het van die [a]weg af-
gewyk.
7 En nou, voorwaar, Ek sê vir
julle, Ek, die Here, sal nie enige
[a]sonde aan julle toereken nie;
gaan julle weë en sondig nie meer
nie; maar tot die siel wat sondig
sal die [b]vorige sondes terugkeer,
sê die Here julle God.
8 En verder, Ek sê vir julle, Ek
gee aan julle 'n [a]nuwe gebod, so-
dat julle my wil aangaande julle
mag begryp;
9 Of, met ander woorde, Ek gee
aan julle aanwysings oor hoe julle
mag [a]optree voor My, sodat dit
tot julle voordeel mag strek vir
jul heil.
10 Ek, die Here, is [a]gebonde

**82** 1*a* Matt. 6:14–15; L&V 64:9–11.
2*a* Rom. 3:23.
3*a* Lk. 12:48; Jak. 4:17. GS Toerekenbaar, Toerekenbaarheid.
*b* GS Rentmeester, Rentmeesterskap.
*c* GS Afval; Sonde.
*d* Joh. 15:22–24. GS Lig, Lig van Christus.
4*a* GS Openbaring.
*b* GS Geregtigheid.
5*a* GS Waak, Wagte.
*b* GS Duiwel.
*c* GS Duisternis, Geestelike.
6*a* Rom. 3:12; L&V 1:16.
7*a* GS Sonde.
*b* L&V 1:32–33; 58:43.
8*a* Joh. 13:34.
9*a* L&V 43:8.
10*a* Jos. 23:14; 1 Kon. 8:23; L&V 1:38; 130:20–21. GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid; Seën, Geseënd, Seëning.

wanneer julle doen wat Ek sê; maar wanneer julle nie doen wat Ek sê nie, het julle geen belofte nie.
11 Daarom, voorwaar Ek sê vir julle, dat dit raadsaam is vir my diensknegte Edward Partridge en Newel K. Whitney, A. Sidney Gilbert en Sidney Rigdon, en my dienskneg Joseph Smith, en John Whitmer en Oliver Cowdery, en W.W. Phelps en Martin Harris om [a]saamgebind te wees deur ʼn band en ʼn verbond wat nie verbreek kan word deur oortreding nie, behalwe dat oordeel onmiddellik sal volg, in julle onderskeie rentmeesterskappe—
12 Om die sake van die armes te beheer, en alle dinge betreffende die bisdom beide in die land Sion en in die land Kirtland;
13 Want Ek het die land Kirtland toegewy in my eie bepaalde tyd tot die voordeel van die heiliges van die Allerhoogste, en as ʼn [a]pen van Sion.
14 Want Sion moet toeneem in skoonheid, en in heiligheid; haar grense moet vergroot word; haar penne moet versterk word; ja, voorwaar Ek sê vir julle, [a]Sion moet opstaan en haar [b]mooi klere aantrek.
15 Daarom, Ek gee aan julle hierdie gebod, dat julle julself bind deur hierdie verbond, en dit sal gedoen word volgens die wette van die Here.
16 Kyk, hier is wysheid ook in My tot julle voordeel.
17 En julle moet [a]gelyk wees. of met ander woorde, julle moet gelyke aanspraak hê op die besittings, tot die voordeel om die sake van julle rentmeesterskappe te beheer, elkeen volgens sy behoeftes en node, in soverre sy behoeftes regverdig is—
18 En dit alles tot die voordeel van die kerk van die lewende God, sodat elkeen sy [a]talent mag verbeter, sodat elkeen ander talente mag verkry, ja, selfs ʼn honderdvoudig, om in die Here se [b]voorraadskuur geplaas te word, om gemeenskaplike besit te word van die hele kerk—
19 Elkeen moet die belange soek van sy naaste, en om alle dinge te doen met ʼn [a]oog enkel gerig op die heerlikheid van God.
20 Hierdie [a]orde het Ek aangestel om ʼn ewigdurende orde te wees vir julle, en vir julle opvolgers, in soverre julle nie sondig nie.
21 En die siel wat sondig teen hierdie verbond, en sy hart verhard daarteen, sal mee gehandel word volgens die wette van my kerk, en sal oorgelewer word aan

11*a* L&V 78:3–7, 11–15.
13*a* Jes. 33:20; 54:2. GS Pen.
14*a* GS Sion.
*b* Jes. 52:1; L&V 113:7–8.
17*a* L&V 51:3. GS Toewy, Wet van Toewyding.
18*a* Matt. 25:14–30; L&V 60:13. GS Gawe; Gawes van die Gees.
*b* L&V 42:30–34, 55; 119:1–3. GS Voorraadskuur.
19*a* L&V 88:67. GS Oog, Oë.
20*a* GS Verenigde Orde.

die [a]teisterings van Satan tot die dag van verlossing.

22 En nou, voorwaar Ek sê vir julle, en dit is wysheid, maak vir julleself vriende met die mammon van ongeregtigheid, en hulle sal julle nie vernietig nie.

23 Laat oordeel slegs aan My oor, want dit is myne en Ek sal [a]vergeld. Vrede vir julle; my seëninge sal met julle voortduur.

24 Want ja, die [a]koninkryk behoort nog steeds aan julle, en sal wees vir ewig, mits julle nie afval van julle standvastigheid nie. Dit is so. Amen.

## AFDELING 83

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Independence, Missouri, 30 April 1832. Hierdie openbaring is ontvang terwyl die Profeet in 'n raadsvergadering gesit het met sy broers.*

*1–4, Vroue en kinders het aanspraak op hulle mans en vaders vir hulle onderhoud; 5–6, Weduwees en wese het aanspraak op die Kerk vir hulle onderhoud.*

VOORWAAR, so sê die Here, bykomend tot die wette van die kerk aangaande vroue en kinders, diegene wat aan die kerk behoort, wat hulle mans of vaders [a]verloor het:

2 Vroue het [a]aanspraak op hulle mans vir hulle onderhoud, totdat hul mans geneem word; en indien hulle nie oortreders bevind word nie, sal hulle deelgenootskap hê in die kerk.

3 En indien hulle nie getrou is nie, sal hulle nie deelgenootskap hê in die kerk nie; nietemin hulle mag hulle erfenisse behou volgens die wette van die land.

4 Alle [a]kinders het aanspraak op hulle ouers vir hulle onderhoud totdat hulle meerderjarig is.

5 En daarna, het hulle aanspraak op die kerk, of met ander woorde, op die Here se [a]voorraadskuur, indien hulle ouers nie genoegsaam het om vir hulle erfenisse te gee nie.

6 En die voorraadskuur sal beheer word deur die toewydings van die kerk; en vir die [a]weduwees en wese sal voorsien word, asook die [b]armes. Amen.

21 *a* L&V 104:8–10.
23 *a* Rom. 12:19; Morm. 3:15.
24 *a* Lk. 12:32; L&V 64:3–5. GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
**83** 1 *a* Jak. 1:27.
2 *a* 1 Tim. 5:8.
4 *a* Mosia 4:14.
5 *a* L&V 78:3. GS Voorraadskuur.
6 *a* GS Weduwee.
*b* Mosia 4:16–26; Hel. 4:11–13; L&V 42:30–39. GS Armes.

# AFDELING 84

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 22 en 23 September 1832. Gedurende September het ouderlinge begin om terug te keer van hulle sendings in die oostelike state en om verslae te lewer oor hulle arbeid. Dit was terwyl hulle saam was gedurende hierdie vreugdevolle tydperk dat die volgende mededeling ontvang is. Die Profeet het dit aangedui as 'n openbaring oor die priesterskap.*

*1–5, Die Nuwe Jerusalem en die tempel sal gebou word in Missouri; 6–17, Die lyn van die priesterskap vanaf Moses tot Adam word gegee; 18–25, Die groter priesterskap hou die sleutel van die kennis aangaande God; 26–32, Die mindere priesterskap hou die sleutel van die bediening van engele en van die voorbereidende evangelie; 33–44, Die mens ontvang die ewige lewe deur die eed en verbond van die priesterskap; 45–53, Die gees van Christus verlig die mens en die wêreld lê in sonde; 54–61, Die Heiliges moet getuig van daardie dinge wat hulle ontvang het; 62–76, Hulle moet die evangelie predik en tekens sal volg; 77–91, Ouderlinge moet uitgaan sonder beurs of reissak en die Here sal sorg vir hulle behoeftes; 92–97, Plae en vervloekings wag vir diegene wat die evangelie verwerp; 98–102, Die nuwe lied van die verlossing van Sion word gegee; 103–110, Laat elkeen staan in sy eie amp en arbei in sy eie roeping; 111–120, Die Here se diensknegte moet die gruwel van verwoestings in die laaste dae verkondig.*

'N OPENBARING van Jesus Christus aan sy dienskneg Joseph Smith, Jr., en ses ouderlinge, terwyl hulle hul harte verenig en hulle stemme omhoog [a]verhef het.

2 Ja, die woord van die Here aangaande sy kerk, gevestig in die laaste dae vir die [a]herstelling van sy volk, soos hy gespreek het by monde van sy [b]profete, en vir die versameling van sy [c]heiliges om op [d]Berg Sion te staan, wat die stad van die [e]Nuwe Jerusalem sal wees.

3 Welke stad gebou sal word, beginnende by die [a]tempelperseel, wat aangewys is deur die vinger van die Here, op die westelike grense van die Staat Missouri, en toegewy deur die hand van Joseph Smith, Jr., en andere in wie die Here 'n welbehae gehad het.

4 Voorwaar, dit is die woord van

**84** 1*a* GS Gebed.
2*a* GS Israel—Die versameling van Israel.
*b* Hand. 3:19–21.
*c* GS Heilige.
*d* Jes. 2:2–5; Hebr. 12:22; Openb. 14:1; L&V 76:66; 84:32; 133:18, 56.
*e* Ether 13:2–11; L&V 42:8–9; 45:66–67; Gel. Art. 1:10. GS Nuwe Jerusalem.
3*a* L&V 57:3.

die Here, dat die stad [a]Nuwe Jerusalem gebou sal word deur die versameling van die heiliges, beginnende by hierdie plek, naamlik die plek van die [b]tempel, welke tempel opgerig sal word in hierdie geslag.
5 Want voorwaar, hierdie geslag sal nie algeheel verbygaan totdat ′n huis tot die Here gebou sal word nie, en ′n wolk daarop sal rus, welke wolk die [a]heerlikheid van die Here sal wees, wat die huis sal vul.
6 En die seuns van Moses, volgens die Heilige Priesterskap wat hy ontvang het onder die [a]hand van sy skoonvader, [b]Jetro;
7 En Jetro het dit ontvang onder die hand van Kaleb;
8 En Kaleb het dit ontvang onder die hand van Elíhu;
9 En Elíhu onder die hand van Jeremia;
10 En Jeremia onder die hand van Gad;
11 En Gad onder die hand van Esaias;
12 En Esaias het dit ontvang onder die hand van God;
13 Esaias het ook geleef in die dae van Abraham en is deur hom geseën—
14 Welke [a]Abraham die priesterskap ontvang het van [b]Melgisédek, wat dit ontvang het deur die geslagslyn van sy vaders, tot by [c]Noag;
15 En van Noag tot [a]Henog, deur die geslagslyn van hul vaders;
16 En van Henog tot [a]Abel, wat gedood is deur die [b]sameswering van sy broer, wat die priesterskap [c]ontvang het deur die gebooie van God, deur die hand van sy vader [d]Adam, wat die eerste mens was—
17 Welke [a]priesterskap voortduur in die kerk van God in alle geslagte, en sonder begin van dae of einde van jare is.
18 En die Here het ook ′n [a]priesterskap bevestig op [b]Aäron en sy saad, deur al hulle geslagte, welke priesterskap ook voortduur en [c]bly vir ewig met die priesterskap wat volgens die heiligste orde van God is.
19 En hierdie groter priesterskap bedien die evangelie en hou die sleutel van die [a]verborgenhede van die koninkryk, naamlik die sleutel van die [b]kennis aangaande God.
20 Daarom, in die [a]ordinansies daarvan word die mag van goddelikheid geopenbaar.

4*a* GS Nuwe Jerusalem.
*b* GS Tempel, Huis van die Here.
5*a* L&V 45:67; 64:41–43; 97:15–20; 109:12, 37.
6*a* GS Hande, Oplegging van.
*b* GS Jetro.
14*a* GS Abraham.
*b* GS Melgisédek.
*c* GS Noag, Bybelse Patriarg.
15*a* GS Henog.
16*a* GS Abel.
*b* Moses 5:29–32.
*c* L&V 107:40–57.
*d* GS Adam.
17*a* Alma 13:1–19; Abr. 2:9, 11. GS Melgisédekse Priesterskap.
18*a* GS Aäroniese Priesterskap.
*b* GS Aäron, Broer van Moses.
*c* L&V 13.
19*a* L&V 63:23; 107:18–19. GS Verborgenhede van God.
*b* Abr. 1:2.
20*a* GS Ordinansies.

21 En sonder die ordinansies daarvan en die [a]gesag van die priesterskap, word die mag van goddelikheid nie geopenbaar aan die mens in die vlees nie.

22 Want daarsonder kan geen [a]mens die aangesig van God sien, en wel die Vader, en lewe nie.

23 Nou, dit het [a]Moses duidelik aan die kinders van Israel in die wildernis geleer, en ywerig gesoek om sy volk te [b]heilig sodat hulle die aangesig van God mag [c]aanskou.

24 Maar hulle het hul harte [a]verhard en kon nie sy teenwoordigheid verdra nie; daarom het die Here in sy [b]toorn, want sy toorn was ontvlam teen hulle, gesweer dat hulle nie sy rus sou [c]binnegaan terwyl in die wildernis nie, welke rus die volheid van sy heerlikheid is.

25 Daarom, hy het [a]Moses uit hulle midde geneem en die Heilige [b]Priesterskap ook;

26 En die mindere [a]priesterskap het voortgeduur, welke priesterskap die [b]sleutel hou van die [c]bediening van engele en die voorbereidende evangelie.

27 Welke evangelie die evangelie van [a]bekering en van die [b]doop is, en die [c]vergifnis van sondes, en die [d]wet van [e]vleeslike gebooie, wat die Here in sy toorn laat voortduur het met die huis van Aäron onder die kinders van Israel tot [f]Johannes, wat God opgerig het, [g]vervul met die Heilige Gees van die skoot van sy moeder af.

28 Want hy is gedoop terwyl hy nog in sy kinderdae was, en is geordeneer deur die engel van God tot hierdie mag op die tydstip toe hy agt dae oud was, om die koninkryk van die Jode omver te werp, en om die weg van die Here reguit te [a]maak voor die aangesig van sy volk, om hulle voor te berei vir die koms van die Here, in wie se hand [b]alle mag gegee word.

29 En verder, die ampte van ouderling en biskop is noodsaaklike [a]aanhangsels wat behoort tot die hoëpriesterskap.

30 En verder, die ampte van leraar en diaken is noodsaaklike aanhangsels tot die mindere priesterskap, welke priesterskap bevestig is op Aäron en sy seuns.

---

21*a* GS Gesag; Priesterskap.
22*a* L&V 67:11.
23*a* Ex. 19:5–11; 33:11.
*b* GS Heiligmaking.
*c* Ex. 24:9–11; L&V 93:1.
24*a* Ex. 20:18–21; 32:8; Deut. 9:23; 1 Ne. 17:30–31, 42.
*b* Ps. 95:8; Hebr. 3:8–11; Jakob 1:7–8; Alma 12:36.
*c* JSV Ex. 34:1–2 (Bylae); Núm. 14:23; Hebr. 4:1–11.
25*a* Deut. 34:1–5.
*b* GS Melgisédekse Priesterskap.
26*a* GS Aäroniese Priesterskap.
*b* L&V 13.
*c* L&V 107:20.
27*a* GS Bekeer, Bekering.
*b* GS Doop.
*c* GS Vergifnis van Sondes.
*d* GS Wet van Moses.
*e* Hebr. 7:11–16.
*f* GS Johannes die Doper.
*g* Lk. 1:15.
28*a* Jes. 40:3; Matt. 3:1–3; Joh. 1:23.
*b* Matt. 28:18; Joh. 17:2; 1 Petr. 3:22; L&V 93:16–17.
29*a* L&V 107:5.

31 Daarom, soos Ek gesê het aangaande die seuns van Moses—want die seuns van Moses en ook die seuns van Aäron sal ′n aanvaarbare [a]offerande bring en offer in die huis van die Here, welke huis gebou sal word tot die Here in hierdie geslag, op die toegewyde [b]plek wat Ek aangewys het—

32 En die seuns van Moses en van Aäron sal vervul word met die [a]heerlikheid van die Here, op [b]Berg Sion in die huis van die Here, wie se seuns julle is; en ook vele wat Ek geroep en uitgestuur het om my [c]kerk op te bou.

33 Want wie ook al [a]getrou is tot die verkryging van hierdie twee [b]priesterskappe waarvan Ek gespreek het, en die verheerliking van hulle roeping, word [c]geheilig deur die Gees tot die vernuwing van hulle liggame.

34 Hulle word die seuns van Moses en Aäron en die [a]saad van [b]Abraham, en die kerk en koninkryk, en die [c]uitverkorenes van God.

35 En ook al diegene wat hierdie priesterskap ontvang, ontvang My, sê die Here;

36 Want hy wat my diensknegte ontvang, [a]ontvang My;

37 En hy wat My [a]ontvang, ontvang my Vader;

38 En hy wat my Vader ontvang, ontvang my Vader se koninkryk; daarom, [a]alles wat my Vader het, sal aan hom gegee word.

39 En dit is ooreenkomstig die [a]eed en verbond wat behoort tot die priesterskap.

40 Daarom, al diegene wat die priesterskap ontvang, ontvang hierdie eed en verbond van my Vader, wat Hy nie kan verbreek nie, nóg kan dit beweeg word.

41 Maar wie ook al hierdie verbond [a]verbreek nadat hy dit ontvang het, en heeltemal wegdraai daarvan, sal [b]nie vergifnis van sondes hê in hierdie wêreld nie nóg in die toekomende wêreld.

42 En wee al diegene wat nie na hierdie priesterskap kom wat julle ontvang het nie, wat Ek nou op julle bevestig wat hierdie dag teenwoordig is, deur my eie stem uit die hemele; en Ek het selfs die hemelse leërskare en my [a]engele opdrag gegee aangaande julle.

43 En nou gee Ek aan julle ′n gebod om oor julleself te waak, om ywerig [a]aandag te gee aan die woorde van die ewige lewe.

---

31 *a* L&V 128:24.
*b* L&V 57:3.
32 *a* GS Heerlikheid.
*b* Hebr. 12:22; L&V 76:66; 84:2; 133:56.
*c* GS Kerk van Jesus Christus.
33 *a* GS Waardig, Waardigheid.
*b* GS Priesterskap.
*c* GS Heiligmaking.
34 *a* Gal. 3:29; Abr. 2:9–11. GS Abraham—Die nageslag van Abraham.
*b* L&V 132:30–32. GS Abraham, Verbond van.
*c* GS Uitverkore.
36 *a* Matt. 10:40–42; Lk. 10:16; L&V 112:20.
37 *a* Joh. 13:20.
38 *a* Lk. 12:43–44; Rom. 8:32; Openb. 21:7; 3 Ne. 28:10; L&V 132:18–20. GS Verheffing.
39 *a* GS Eed en Verbond van die Priesterskap.
41 *a* GS Afval.
*b* L&V 76:34–38; 132:27.
42 *a* L&V 84:88.
43 *a* 1 Ne. 15:23–25; L&V 1:14.

44 Want julle sal [a]lewe volgens elke woord wat uitgaan uit die mond van God.

45 Want die [a]woord van die Here is waarheid, en wat ook al [b]waarheid is, is lig, en wat ook al lig is, is Gees, naamlik die Gees van Jesus Christus.

46 En die Gees gee [a]lig aan [b]elkeen wat die wêreld binnekom; en die Gees verlig elkeen regdeur die wêreld wat ag slaan op die stem van die Gees.

47 En elkeen wat ag slaan op die stem van die Gees kom na God, en wel die Vader.

48 En die Vader [a]leer hom van die [b]verbond wat Hy hernu en bevestig het op julle, wat op julle bevestig is om julle onthalwe, en nie net om julle onthalwe nie, maar om die onthalwe van die hele wêreld.

49 En die hele [a]wêreld lê in sonde, en kreun onder [b]duisternis en onder die slawerny van sonde.

50 En hierdeur mag julle weet hulle is onder die [a]slawerny van [b]sonde, want hulle kom nie na My nie.

51 Want wie ook al nie na My kom nie, is onder die slawerny van sonde.

52 En wie ook al nie my woord ontvang nie is nie bekend met [a]my stem nie, en is nie van My nie.

53 En hierdeur mag julle die regverdiges van die bose onderskei, en dat die hele [a]wêreld [b]kreun onder [c]sonde en duisternis, selfs nou.

54 En julle verstand was in die verlede verduister vanweë [a]ongeloof, en omdat julle die dinge wat julle ontvang het ligtelik opgeneem het—

55 Welke [a]ydelheid en ongeloof die hele kerk onder veroordeling gebring het.

56 En hierdie veroordeling rus op die kinders van Sion, en wel almal.

57 En hulle sal onder hierdie veroordeling bly tot hulle bekeer en die nuwe [a]verbond onthou, naamlik die [b]Boek van Mormon en die [c]vorige gebooie wat Ek hulle gegee het, nie net om te sê nie, maar om te [d]handel volgens dit wat Ek geskryf het—

58 Sodat hulle vrugte mag dra wat geskik is vir hulle Vader se koninkryk; anders bly daar ’n gésel en ’n oordeel wat uitgestort sal word oor die kinders van Sion.

44*a* Deut. 8:3; Matt. 4:4; L&V 98:11.
45*a* Ps. 33:4. GS Woord van God.
*b* GS Waarheid.
46*a* GS Gewete; Lig, Lig van Christus.
*b* Joh. 1:9; L&V 93:2.
48*a* GS Inspirasie, Inspireer.
*b* GS Nuwe en Ewigdurende Verbond; Verbond.
49*a* 1 Joh. 5:19.
*b* GS Duisternis, Geestelike.
50*a* Gal. 4:9.
*b* GS Sonde.
52*a* Joh. 10:27.
53*a* GS Wêreld.
*b* Rom. 8:22; Moses 7:48.
*c* GS Wêreldsheid.
54*a* GS Ongeloof.
55*a* GS Ydel, Ydelheid.
57*a* Jer. 31:31–34.
*b* GS Boek van Mormon.
*c* 1 Ne. 13:40–41.
*d* Jak. 1:22–25; L&V 42:13–15.

59 Want sal die kinders van die
koninkryk my heilige land be-
soedel? Voorwaar, Ek sê vir julle,
Nee.
60 Voorwaar, voorwaar, Ek sê
vir julle wat nou my [a]woorde
hoor, wat my stem is, geseënd is
julle in soverre julle hierdie dinge
ontvang.
61 Want Ek sal julle jul sondes
[a]vergewe met hierdie gebod—dat
julle standvastig mag bly in julle
verstand, in [b]erns en in die gees
van gebed, in die lewering van
getuienis aan die hele wêreld van
daardie dinge wat aan julle mee-
gedeel word.
62 Daarom, [a]gaan julle na die
hele wêreld; en in welke plek julle
nie kan gaan nie, sal julle stuur,
sodat die getuienis van julle mag
gaan na die hele wêreld na elke
skepsel.
63 En soos Ek gesê het vir my
apostels, net so sê Ek vir julle,
want julle is my [a]apostels, naam-
lik God se hoëpriesters; julle is
hulle wat die Vader My [b]gegee
het; julle is my [c]vriende;
64 Daarom, soos Ek vir my apos-
tels gesê het, sê Ek weer vir julle,
dat elke [a]siel wat [b]glo in julle
woorde, en gedoop word deur
water vir die [c]vergifnis van son-
des, sal die [d]Heilige Gees ont-
vang.
65 En hierdie [a]tekens sal hulle
volg wat glo—
66 In my Naam sal hulle vele
wonderlike [a]werke doen;
67 In my [a]Naam sal hulle dui-
wels uitwerp;
68 In my Naam sal hulle die sie-
kes [a]genees;
69 In my Naam sal hulle die oë
van die blindes open, en die ore
van die dowes ontsluit;
70 En die tong van die stomme
sal spreek;
71 En indien enigeen [a]gif aan
hulle sal toedien, sal dit hulle nie
skaad nie.
72 En die gif van ʼn slang sal nie
mag hê om hulle kwaad te doen
nie.
73 Maar ʼn gebod gee Ek aan
hulle, dat hulle nie in hulleself
sal [a]roem op hierdie dinge nie,
nóg van hulle spreek voor die
wêreld; want hierdie dinge word
vir julle gegee tot julle voordeel
en vir heil.
74 Voorwaar, voorwaar, Ek sê
vir julle, hulle wat nie in julle
woorde glo nie, en nie [a]gedoop
word in water in my Naam nie

60*a* L&V 18:34–36.
61*a* Dan. 9:9. GS Vergewe.
*b* L&V 43:34; 88:121; 100:7.
62*a* Mark. 16:15; L&V 1:2–5. GS Sendingwerk.
63*a* GS Apostel.
*b* 3 Ne. 15:24; L&V 50:41–42.
*c* Joh. 15:13–15; L&V 93:45.
64*a* GS Siel.
*b* Mark. 16:15–16. GS Geloof, Glo.
*c* GS Vergifnis van Sondes.
*d* GS Gawe van die Heilige Gees.
65*a* Mark. 16:17–18. GS Teken.
66*a* GS Werke.
67*a* Matt. 17:14–21.
68*a* GS Genees, Genesings.
71*a* Mark. 16:18; Hand. 28:3–9; L&V 24:13; 124:98–100.
73*a* L&V 105:24. GS Hoogmoed.
74*a* 2 Ne. 9:23; L&V 76:50–52. GS Doop—Noodsaaklik.

vir die vergifnis van sondes sodat hulle die Heilige Gees mag ontvang, sal [b]verdoem word, en sal nie inkom in my Vader se koninkryk waar my Vader en Ek is nie.

75 En hierdie openbaring aan julle, en gebod, is van krag van hierdie selfde uur op die hele wêreld, en die evangelie is vir almal wat dit nie ontvang het nie.

76 Maar, voorwaar Ek sê vir al diegene aan wie die koninkryk gegee is—van julle moet dit aan hulle gepreek word, dat hulle sal bekeer van hulle vroeëre bose dade; want hulle moet berispe word vanweë hulle bose harte van ongeloof, en julle broers in Sion vanweë hulle rebellie teen julle op die tydstip wat Ek julle gestuur het.

77 En verder sê Ek vir julle my vriende, want van nou af sal Ek julle vriende noem, dit is raadsaam dat Ek aan julle hierdie gebod gee, sodat julle word soos my vriende in die dae toe Ek met hulle was, reisende om die evangelie te preek in my mag;

78 Want Ek het hulle nie toegelaat om [a]beurs of reissak te hê nie, nóg twee kledingstukke.

79 Kyk, Ek stuur julle uit om die wêreld te beproef, en die arbeider is sy [a]loon werd.

80 En enigeen wat sal gaan en hierdie [a]evangelie oor die koninkryk [b]preek, en nie faal om getrou te wees in alle dinge nie, sal nie vermoeid wees in verstand nie, nóg verduister word, nóg in liggaam, nóg ledemaat, nóg gewrig; en 'n [c]haar van sy hoof sal nie ongemerk op die grond val nie. En hulle sal nie honger wees nie, nóg dors.

81 Daarom, [a]dink julle nie oor môre nie, wat julle sal eet, of wat julle sal drink, of waarmee julle gekleed sal wees nie.

82 Want, aanskou die lelies van die veld, hoe hulle groei, hulle arbei nie, nóg spin hulle; en die koninkryke van die wêreld, in al hulle heerlikheid, is nie geklee soos een van hierdie nie.

83 Want julle [a]Vader, wat in die hemel is, [b]weet dat julle al hierdie dinge nodig het.

84 Daarom, laat môre hom [a]bekommer oor sy eie dinge.

85 Moenie julle vooraf kwel oor [a]wat julle sal sê nie; maar [b]bewaar voortdurend in julle verstand die woorde van die lewe, en dit sal aan julle [c]gegee word in daardie uur daardie gedeelte wat aan elkeen uitgemeet word.

86 Daarom, laat niemand onder julle, want hierdie gebod is aan al die [a]getroues wat geroep word deur God in die kerk na

74*b* Joh. 3:18.
78*a* Matt. 10:9–10; L&V 24:18.
79*a* L&V 31:5.
80*a* GS Evangelie.
*b* GS Sendingwerk.
*c* Lk. 21:18.
81*a* Matt. 6:25–28.
83*a* GS Vader in die Hemel.
*b* Matt. 6:8.
84*a* Matt. 6:34.
85*a* Matt. 10:19–20; Lk. 12:11–12; L&V 100:6.
*b* 2 Ne. 31:20; Alma 17:2–3; L&V 6:20; 11:21–26. GS Peins.
*c* GS Onderrig, Onderwyser—Onderrig met die Gees.
86*a* Matt. 24:44–46; L&V 58:26–29; 107:99–100.

die bediening, van hierdie uur af, beurs of reissak neem nie, wat uitgaan om hierdie evangelie oor die koninkryk te verkondig.

87 Kyk, Ek [a]stuur julle uit om die wêreld te bestraf oor al hulle onregverdige dade, en om hulle te leer van ′n oordeel wat sal kom.

88 En wie julle ook al [a]ontvang, daar sal Ek ook wees, want Ek sal uitgaan voor julle aangesig. Ek sal aan julle regter- en aan julle linkerhand wees, en my Gees sal in julle harte wees, en my [b]engele rondom julle, om julle te versterk.

89 Wie ook al julle ontvang, ontvang My; en hulle sal julle voed, en julle klee, en aan julle geld gee.

90 En hy wat julle voed, of julle klee, of julle geld gee, sal geensins sy loon [a]verloor nie.

91 En hy wat nie hierdie dinge doen nie, is nie my dissipel nie; hierdeur mag julle [a]my dissipels ken.

92 Hy wat julle nie ontvang nie, gaan self alleen weg van hom, en [a]reinig julle voete, en wel met water, suiwer water, hetsy in hitte of koue, en lewer getuienis daarvan aan julle Vader wat in die hemel is, en keer nie weer terug na daardie mens nie.

93 En in welke dorp of stad julle binnegaan, doen dieselfde.

94 Nietemin, soek ywerig en hou nie terug nie; en wee daardie huis, of daardie dorp of stad wat julle verwerp, of julle woorde, of julle getuienis aangaande My.

95 Wee, sê Ek weer, aan daardie huis, of daardie dorp of stad wat julle verwerp of julle woorde, of julle getuienis van My.

96 Want Ek, die [a]Almagtige, het my hande op die nasies gelê om hulle te [b]gésel vanweë hulle [c]boosheid.

97 En plae sal uitgaan, en hulle sal nie van die aarde geneem word totdat Ek my werk voltooi het nie, wat [a]verkort sal word in regverdigheid—

98 Totdat almal My sal ken, wat oorbly, en wel van die geringste tot die grootste, en sal gevul word met die kennis van die Here, en sal van oog tot oog [a]sien, en sal hulle stem verhef, en met die stem tesame sal hulle hierdie nuwe lied [b]sing, en sê:

99 Die Here het weer Sion gebring;
Die Here het sy volk [a]verlos, [b]Israel,
Ooreenkomstig die [c]verkiesing van [d]genade,
Wat teweeggebring is deur die geloof
En [e]verbond van hulle vaders.

87*a* GS Sendingwerk.
88*a* Matt. 10:40; Joh. 13:20.
*b* L&V 84:42. GS Engele.
90*a* Matt. 10:42; Mark. 9:41.
91*a* Joh. 13:35.
92*a* Matt. 10:14; Lk. 9:5; L&V 60:15.
96*a* GS Almagtig.
*b* L&V 1:13–14.
*c* GS Boos, Boosheid.
97*a* Matt. 24:22.
98*a* Jes. 52:8.
*b* Ps. 96:1; Openb. 15:3; L&V 25:12; 133:56. GS Sing.
99*a* Openb. 5:9; L&V 43:29.
*b* GS Israel.
*c* GS Verkiesing.
*d* GS Genade.
*e* GS Abraham, Verbond van.

100 Die Here het sy volk verlos;
En Satan is [a]gebind en tyd is nie meer nie.
Die Here het alle dinge in [b]een versamel.
Die Here het [c]Sion van bo neergebring.
Die Here het Sion na bo [d]gebring van benede.
101 Die [a]aarde was in barensnood en het haar krag voortgebring;
En waarheid is gevestig in haar binneste;
En die hemele het teenoor haar geglimlag;
En sy is beklee met die [b]heerlikheid van haar God;
Want Hy staan in die midde van sy volk.
102 Heerlikheid, en eer, en krag en mag,
Word toegeskryf aan ons God; want Hy is vol [a]barmhartigheid,
Geregtigheid, genade en waarheid, en [b]vrede,
Vir ewig en ewig, Amen.

103 En verder, voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, dit is raadsaam dat elkeen wat uitgaan om my ewigdurende evangelie te verkondig, dat in soverre hulle families het, en geld ontvang as 'n geskenk, dat hulle dit moet stuur aan hulle of daarvan gebruikmaak tot hul voordeel, soos die Here hulle sal lei, want so ag Ek dit goed.

104 En laat al diegene wat nie families het nie, wat [a]geld ontvang, dit opstuur na die biskop in Sion, of na die biskop in Ohio, sodat dit toegewy mag word vir die voortbring van die openbarings en die druk daarvan, en vir die vestiging van Sion.

105 En indien enigeen vir julle 'n jas, of 'n pak klere sal gee, neem die oue en werp dit na die [a]armes, en gaan op jou pad met blydskap.

106 En indien enigeen onder julle sterk is in die Gees, laat hy hóm [a]saam met hom neem wat swak is sodat hy opgebou mag word in alle [b]sagmoedigheid, sodat hy ook sterk mag word.

107 Daarom, neem diegene saam met julle wat geordineer is tot die [a]mindere priesterskap, en stuur hulle uit voor julle om afsprake te maak, en om die weg te berei, en om afsprake na te kom wat julleself nie kan nakom nie.

108 Kyk, dit is die wyse waarop my apostels, in antieke dae, my kerk opgebou het vir My.

109 Daarom, laat elke man staan in sy eie amp, en arbei in sy eie roeping; en laat nie die hoof aan die voete sê dit het nie die voete nodig nie; want hoe sal die

100 *a* Openb. 20:2–3; L&V 43:31; 45:55; 88:110.
*b* Efés. 1:10; L&V 27:13.
*c* L&V 45:11–14; Moses 7:62–64. GS Sion.
*d* L&V 76:102; 88:96.
101 *a* GS Aarde.
*b* GS Heerlikheid.
102 *a* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
*b* GS Vrede.
104 *a* L&V 51:8–9, 12–13.
105 *a* GS Armes—Arm aan stoflike goedere.
106 *a* GS Bevriend.
*b* GS Sagmoedig, Sagmoedigheid.
107 *a* GS Ääroniese Priesterskap.

liggaam in staat wees om te staan sonder die voete?

110 Ook het die liggaam elke [a]lid nodig, sodat almal saam opgebou kan word, sodat die gestel volmaak gehou mag word.

111 En kyk, die [a]hoëpriesters moet reis, en ook die ouderlinge, en ook die mindere [b]priesters; maar die [c]diakens en [d]leraars moet aangestel word om te [e]waak oor die kerk, om staande dienaars vir die kerk te wees.

112 En die biskop, Newel K. Whitney, moet ook rondomheen reis en onder al die kerke, soekende na die armes om in hulle behoeftes te [a]voorsien deur die rykes en die hoogmoediges te [b]verootmoedig.

113 Hy moet ook 'n [a]agent aanstel om oor te neem en om sy wêreldse sake te verrig soos hy sal aandui.

114 Nietemin, laat die biskop na die stad New York gaan, ook na die stad Albany, en ook na die stad Boston, en die mense van daardie stede waarsku met die klank van die evangelie, met 'n luide stem, van die [a]verwoesting en volslae vernietiging wat vir hulle wag indien hulle hierdie dinge verwerp.

115 Want as hulle hierdie dinge verwerp, is die uur van hulle oordeel naby, en hulle huis sal vir hulle [a]woes gelaat word.

116 Laat hom [a]vertrou in My en hy sal nie [b]verwar word nie; en 'n [c]haar van sy hoof sal nie ongemerk op die grond val nie.

117 En voorwaar Ek sê vir julle, die res van my diensknegte, gaan julle uit soos julle omstandighede sal toelaat, in julle onderskeie roepings, na die groot en belangrike stede en dorpe, en vermaan die wêreld in regverdigheid van al hul ongeregtige en goddelose dade, en sit duidelik en verstaanbaar die verlatenheid van gruwel in die laaste dae uiteen.

118 Want, met julle, sê die Here Almagtig, sal Ek hulle koninkryke [a]verskeur; Ek sal nie slegs die aarde [b]skud nie, maar die sterrehemele sal bewe.

119 Want Ek, die Here, het my hand uitgestrek om die magte van die hemel uit te oefen; julle kan dit nie nou sien nie, nog 'n klein tydjie en julle sal dit sien, en weet dat Ek is, en dat Ek sal [a]kom en [b]heers met my volk.

120 Ek is [a]Alfa en Omega, die begin en die einde. Amen.

---

110*a* 1 Kor. 12:12–23.
111*a* GS Hoëpriester.
*b* GS Priester, Aäroniese Priesterskap.
*c* GS Diaken.
*d* GS Leraar, Aäroniese Priesterskap.
*e* GS Waak, Wagte.
112*a* GS Welsyn.
*b* L&V 56:16.
113*a* L&V 90:22.
114*a* L&V 1:13–14.
115*a* Lk. 13:35.
116*a* GS Vertrou.
*b* Ps. 22:5; 1 Petr. 2:6.
*c* Matt. 10:29–31.
118*a* Dan. 2:44–45.
*b* Joël 2:10; L&V 43:18; 45:33, 48; 88:87, 90. GS Laaste Dae; Tekens van die Tye.
119*a* L&V 1:12, 35–36; 29:9–11; 45:59. GS Tweede Koms van Jesus Christus.
*b* GS Millennium.
120*a* GS Alfa en Omega.

# AFDELING 85

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 27 November 1832. Hierdie afdeling is 'n uittreksel uit 'n brief van die Profeet aan William W. Phelps wat in Independence, Missouri, gewoon het. Dit beantwoord vrae rondom daardie Heiliges wat na Sion verhuis het, maar wat nie die gebod gehoorsaam het om hulle besittings toe te wy nie en het dus nie hulle erfenisse ontvang volgens die vasgestelde orde van die kerk nie.*

*1–5, Erfenisse in Sion moet ontvang word deur toewyding; 6–12, Iemand magtig en sterk sal die Heiliges hulle erfenisse in Sion gee.*

Dit is die plig van die Here se klerk, wat Hy aangestel het, om 'n geskiedenis by te hou, en 'n algemene [a]kerkverslag van alle dinge wat plaasvind in Sion, en van al diegene wat besittings [b]toewy, en wettiglik erfenisse van die biskop ontvang;

2 En ook hulle leefwyse, hulle geloof, en werke; en ook van die afvalliges wat afval nadat hulle hul erfenisse ontvang het.

3 Dit is teenstrydig met die wil en gebod van God dat diegene wat nie hulle erfenis ontvang deur [a]toewyding, volgens sy wet, wat Hy gegee het nie, sodat hy sy volk [b]tiendes kan laat betaal, om hulle voor te berei op die dag van [c]wraak en verbranding, hulle name opgeteken moet word saam met die volk van God.

4 Nog moet hulle geslagsregister gehou word, of gehou word waar dit gevind mag word in enige van die verslae of geskiedenis van die kerk.

5 Hulle name sal nie gevind word nie, nóg die name van die vaders, nóg die name van die kinders geskrywe in die [a]boek van die wet van God, sê die Here van die Leërskare.

6 Ja, so sê die stil, [a]klein stemmetjie, wat deur alle dinge fluister en [b]dring, en dikwels laat dit my gebeente bewe terwyl dit openbaar maak, en sê:

7 En dit sal gebeur dat Ek, die Here God, iemand magtig en sterk sal stuur, wat die septer van mag in sy hand hou, geklee met lig vir 'n bedekking, wie se mond woorde sal uiter, ewige woorde; terwyl sy binneste 'n fontein van waarheid sal wees, om die huis van God in orde te bring, en om deur die lot die erfenisse te reël van die heiliges wie se name gevind word, en die name van hulle vaders, en van hulle kinders, opgeteken in die boek van die wet van God.

8 Terwyl daardie man wat deur

**85** 1*a* L&V 21:1; 47:1; 69:3–6.
*b* L&V 42:30–35.
3*a* GS Toewy, Wet van Toewyding.
*b* GS Tiende, Tiendes.
*c* Mal. 3:10–11, 17; L&V 97:25–26.
5*a* GS Boek van die Lewe.
6*a* 1 Kon. 19:11–12; Hel. 5:30–31; 3 Ne. 11:3–7.
*b* Hebr. 4:12.

God geroep en aangestel is, wat sy hand uitsteek om die [a]ark te verstewig, sal val deur die pyl van die dood, soos 'n boom wat getref word deur die helder pyl van die weerlig.

9 En al diegene wat nie gevind word in die [a]gedenkboek nie sal geen erfenis vind op daardie dag nie, maar hulle sal in stukke gekap word, en hulle deel sal toegewys word aan hulle onder die ongelowiges, waar daar 'n [b]geween en 'n gekners van tande is.

10 Hierdie dinge sê ek nie uit myself nie; daarom, soos die Here spreek, sal Hy ook vervul.

11 En hulle wat van die Hoëpriesterskap is, wie se name nie geskryf is in die [a]boek van die wet nie, of bevind word dat hulle [b]afgeval het, of [c]afgesny is van die kerk, sowel as die mindere priesterskap, of die lede, op daardie dag sal hulle nie 'n erfenis ontvang onder die heiliges van die Allerhoogste nie;

12 Daarom, dit sal gedoen word aan hulle soos met die kinders van die priester, soos gevind sal word in die tweede hoofstuk en een en twee en sestigste verse van Esra.

---

# AFDELING 86

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 6 Desember 1832. Hierdie openbaring is ontvang terwyl die Profeet besig was om die manuskrip van die vertaling van die Bybel te hersien en te redigeer.*

*1–7, Die Here gee die betekenis van die gelykenis van die koring en die onkruid; 8–11, Hy verduidelik priesterskapseëninge wat gegee word aan diegene wat wettige erfgename volgens die vlees is.*

VOORWAAR, so sê die Here aan julle my diensknegte, aangaande die [a]gelykenis van die koring en die onkruid:

2 Kyk, voorwaar, Ek sê, die veld was die wêreld, en die apostels was die saaiers van die saad;

3 En nadat hulle aan die slaap geraak het, het die groot vervolger van die kerk, die afvallige, die hoer, naamlik [a]Babilon, wat alle nasies laat drink uit haar beker, in wie se harte die vyand, naamlik Satan, sit om te heers—kyk, hy saai die onkruid; daarom,

---

8*a* 2 Sam. 6:6–7; 1 Kron. 13:9–10. GS Ark van die Verbond.
9*a* 3 Ne. 24:16; Moses 6:5–6. GS Boek van Herinnering.
*b* L&V 19:5.
11*a* GS Boek van die Lewe.
*b* GS Afval.
*c* GS Ekskommunikeer.
**86** 1*a* Matt. 13:6–43; L&V 101:64–67.
3*a* Openb. 17:1–9. GS Babel, Babilon.

die onkruid verstik die koring en dryf die [b]kerk die wildernis in.
4 Maar kyk, in die [a]laaste dae, selfs nou terwyl die Here begin om die woord uit te bring, en die blaartjie opskiet en nog sag is—
5 Kyk, voorwaar Ek sê vir julle, die [a]engele roep tot die Here dag en nag, wat gereed is en wag om uitgestuur te word om die velde af te [b]oes;
6 Maar die Here sê vir hulle, moenie die onkruid uittrek terwyl die blaartjie nog sag is nie (want voorwaar julle geloof is swak), sodat julle nie die koring ook vernietig nie.
7 Daarom, laat die koring en die onkruid saam groei totdat die oes heeltemal ryp is; dan sal julle eers die koring tussen die onkruid insamel, en na die insameling van die koring, kyk en sien, die onkruid word gebind in bondels, en die veld bly oor om gebrand te word.
8 Daarom, so sê die Here vir julle, deur wie die [a]priesterskap voortgeduur het deur die lyn van julle vaders—
9 Want julle is wettige [a]erfgename, volgens die vlees, en is [b]verborge van die wêreld met Christus in God—
10 Daarom, julle lewens en die priesterskap het voortgeduur, en moet noodwendig deur julle en julle lyn voortduur tot die [a]herstelling van alle dinge gespreek by monde van al die heilige profete sedert die wêreld begin het.
11 Daarom, geseënd is julle as julle voortgaan in my goedheid, 'n [a]lig vir die nie-Jode, en deur hierdie priesterskap, 'n redder vir my volk [b]Israel. Die Here het dit gesê. Amen.

## AFDELING 87

*Openbaring en 'n profesie oor oorlog, gegee deur Joseph Smith die Profeet te of naby Kirtland, Ohio, 25 Desember 1832. Op hierdie tydstip was geskille in die Verenigde State oor slawerny en South Carolina se nietigverklaring van federale tariewe aan die orde van die dag. Joseph Smith se geskiedenis verklaar dat "verskynings van probleme onder die nasies" "meer sigbaar" begin word het vir die Profeet "as wat hulle voorheen was sedert die Kerk haar reis uit die wildernis begin het."*

3*b* Openb. 12:6, 14.
4*a* GS Laaste Dae.
5*a* L&V 38:12.
*b* GS Oes.
8*a* L&V 113:8. GS Melgisédekse Priesterskap.
9*a* Abr. 2:9–11. GS Abraham, Verbond van.
*b* Jes. 49:2–3.
10*a* Hand. 3:19–21. GS Herstelling van die Evangelie.
11*a* Jes. 49:6.
*b* L&V 109:59–67.

*1–4, Oorlog word voorspel tussen die Noordelike State en die Suidelike State; 5–8, Groot rampe sal oor die inwoners van die aarde kom.*

VOORWAAR, so sê die Here aangaande die oorloë wat binnekort sal plaasvind, beginnende by die rebellie van [a]South Carolina, wat uiteindelik sal uitloop op die dood en ellende van vele siele;
2 En die tyd sal kom dat [a]oorlog uitgestort sal word op alle nasies, beginnende by hierdie plek.
3 Want kyk, die Suidelike State sal verdeeld wees teen die Noordelike State, en die Suidelike State sal ′n beroep doen op ander nasies, naamlik die nasie van Groot-Brittanje, soos dit genoem word, en hulle sal ook ′n beroep doen op ander nasies om hulleself te verdedig teen ander nasies; en dan sal [a]oorlog uitgestort word op alle nasies.
4 En dit sal gebeur, na vele dae, dat [a]slawe in opstand sal kom teen hulle meesters, wat georganiseer en opgelei sal wees vir oorlog.
5 En dit sal ook gebeur dat die oorblyfsels wat oor is in die land hulleself sal organiseer en sal uitermate kwaad word, en sal die nie-Jode met ′n groot kwelling kwel.
6 En dus, deur die swaard en as gevolg van die vergieting van bloed sal die inwoners van die aarde [a]treur; en deur [b]hongersnood, en plae, en aardbewing, en die donderweer van die hemel, en ook deur die kwaai en helder weerlig, sal die inwoners van die aarde gedwing word om die toorn te voel, en die verontwaardiging, en [c]kastydende hand van ′n Almagtige God, tot die vernietiging wat beveel is ′n volledige [d]einde sal maak aan alle nasies;
7 Dat die geroep van die heiliges, en van die [a]bloed van die heiliges, sal ophou om op te styg tot in die ore van die Here van [b]Sebaot, van die aarde, om gewreek te word op hulle vyande.
8 Daarom, [a]staan julle in heilige plekke, en moenie wankel nie, totdat die dag van die Here kom; want kyk, dit kom [b]spoedig, sê die Here. Amen.

# AFDELING 88

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 27 en 28 Desember 1832 en 3 Januarie 1833. Die Profeet het dit die "'olyfblad' [genoem] . . . gepluk van die Boom van die Paradys, die*

**87** 1*a* L&V 130:12–13.
2*a* Joël 3:9–16; Matt. 24:6–7; L&V 45:26, 63; 63:33.
3*a* L&V 45:68–69.
4*a* L&V 134:12.
6*a* L&V 29:14–21; 45:49.
*b* JS—M 1:29.
*c* GS Kasty, Kastyding.
*d* GS Wêreld—Einde van die wêreld.
7*a* Ether 8:22–24.
*b* Jak. 5:4; L&V 88:2; 95:7.
8*a* Matt. 24:15; L&V 45:32; 101:21–22.
*b* Openb. 3:11.

*Here se boodskap van vrede aan ons." Die openbaring is gegee nadat hoëpriesters tydens 'n konferensie "afsonderlik en hardop gebid het dat die Here sy wil aan ons moes bekendmaak aangaande die opbou van Sion."*

*1–5, Getroue Heiliges ontvang daardie Trooster, wat die belofte is van die ewige lewe; 6–13, Alle dinge word beheer en gereguleer deur die Lig van Christus; 14–16, Die Opstanding kom deur die Verlossing; 17–31, Gehoorsaamheid aan die selestiale, terrestriale, of telestiale wet berei mense voor vir daardie onderskeie koninkryke en heerlikhede; 32–35, Diegene wat in sonde wil bly, bly steeds vieslik; 36–41, Alle koninkryke word beheer deur wette; 42–45, God het aan alle dinge 'n wet gegee; 46–50, Die mens sal selfs God begryp; 51–61, Die gelykenis van die man wat sy diensknegte na die veld uitstuur en hulle die een na die ander besoek; 62–73, Kom nader aan die Here en julle sal sy aangesig sien; 74–80, Heilig julleself en onderrig die leerstellings van die koninkryk aan mekaar; 81–85, Elkeen wat gewaarsku is moet sy naaste waarsku; 86–94, Tekens en beroerings van die elemente, en engele berei die weg voor vir die koms van die Here; 95–102, Engele se trompetgeskal roep die dode op in hulle volgorde; 103–116, Engele se trompetgeskal verkondig die herstelling van die evangelie, die val van Babilon, en die stryd van die groot God; 117–126, Soek geleerdheid, vestig 'n huis van God ('n tempel), en klee julleself met die band van naasteliefde; 127–141, Die orde van die Skool van die Profete word uiteengesit, insluitende die ordinansie van wassing van voete.*

VOORWAAR, so sê die Here vir julle wat julleself byeen versamel het om sy wil aangaande julle te ontvang:

2 Kyk, dit gee julle Here 'n welbehae, en die engele [a]verbly hulle oor julle; die [b]aalmoese van julle gebede het opgestyg tot in die ore van die Here van [c]Sebaot, en is opgeteken in die [d]boek van die name van die geheiligdes, naamlik hulle van die selestiale wêreld.

3 Daarom, Ek stuur nou op julle 'n ander [a]Trooster, en wel op julle my vriende, sodat dit in julle harte mag bly, naamlik die [b]Heilige Gees van die belofte; welke ander Trooster dieselfde een is wat Ek beloof het aan my dissipels, soos opgeteken is in die getuienis van Johannes.

4 Hierdie Trooster is die belofte wat Ek aan julle gee van die [a]ewige lewe, naamlik die [b]heerlikheid van die selestiale koninkryk;

**88** 2*a* Lk. 15:10.
*b* Hand. 10:1–4. GS Gebed.
*c* Jak. 5:4; L&V 95:7.
*d* GS Boek van die Lewe.
3*a* Joh. 14:16.
*b* L&V 76:53. GS Heilige Gees van Belofte.
4*a* L&V 14:7.
*b* GS Selestiale Heerlikheid.

5 Welke heerlikheid dit is van
die kerk van die [a]Eersgeborene,
naamlik van God, die heiligste
van almal, deur Jesus Christus
sy Seun—
6 [a]Hy wat opgevaar het in die
hoogte, net soos hy benede alle
dinge [b]gedaal het, deurdat Hy alle
dinge [c]begryp het, sodat hy in al-
les en deur alles mag wees, die
[d]lig van die waarheid;
7 Welke waarheid skyn. Dit is
die [a]lig van Christus. Net soos Hy
in die son is, en die lig van die
son, en die mag daarvan waar-
deur dit [b]gemaak is.
8 Net soos hy in die maan is, en
die lig van die maan is, en die mag
daarvan waardeur dit gemaak is;
9 Net soos die lig van die sterre,
en die mag daarvan waardeur dit
gemaak is;
10 En die aarde ook, en die
mag daarvan, naamlik die aarde
waarop julle [a]staan.
11 En die lig wat skyn, wat vir
julle lig gee, is deur Hom wat julle
oë verlig, wat dieselfde lig is wat
julle [a]begrip verkwik;
12 Welke [a]lig uitgaan van die
teenwoordigheid van God om die
onmeetlikheid van die ruimte te
[b]vul—
13 Die lig wat in [a]alle dinge is,
wat [b]lewe gee aan alle dinge, wat
die [c]wet is waardeur alle dinge be-
heer word, naamlik die mag van
God wat sit op sy troon, wat in
die boesem van die ewigheid is,
wat in die midde van alle dinge is.
14 Nou, voorwaar, Ek sê vir
julle, dat deur die [a]verlossing
wat vir julle gemaak is, word die
opstand uit die dood teweegge-
bring.
15 En die [a]gees en die [b]liggaam
is die [c]siel van die mens.
16 En die [a]opstanding uit die
dood is die verlossing van die siel.
17 En die verlossing van die siel
is deur Hom wat alle dinge ver-
kwik, in wie se boesem dit beveel
is dat die [a]armes en die [b]sagmoe-
diges van die [c]aarde dit sal be-
ërwe.
18 Daarom moet dit noodwen-
dig geheilig word van alle onge-
regtigheid, sodat dit voorberei
mag word vir die [a]selestiale heer-
likheid;

---

5 *a* GS Eersgeborene.
6 *a* GS Jesus Christus.
*b* L&V 122:8. GS Versoen, Versoening.
*c* GS Alwetend.
*d* L&V 93:2, 8–39. GS Lig, Lig van Christus; Waarheid.
7 *a* Moro. 7:15–19; L&V 84:45.
*b* Gén. 1:16. GS Skep, Skepping.
10 *a* Moses 2:1.
11 *a* GS Begrip.
12 *a* GS Lig, Lig van Christus.
*b* Jer. 23:24.
13 *a* Kol. 1:16–17.
*b* Deut. 30:20; L&V 10:70.
*c* Job 38; L&V 88:36–38. GS Wet.
14 *a* GS Plan van Verlossing; Versoen, Versoening.
15 *a* GS Gees; Mens die, Mense—Die mens, 'n geesteskind van Hemelse Vader.
*b* GS Liggaam.
*c* Gén. 2:7. GS Siel.
16 *a* Alma 11:42. GS Opstanding.
17 *a* GS Armes.
*b* GS Sagmoedig, Sagmoedigheid.
*c* GS Aarde—Finale toestand van die aarde.
18 *a* GS Selestiale Heerlikheid.

19 Want nadat dit die doel van sy skepping vervul het, sal dit gekroon word met [a]heerlikheid, en wel met die teenwoordigheid van God die Vader.
20 Sodat liggame wat van die selestiale koninkryk is, dit mag [a]besit vir ewig en ewig; want, om hierdie [b]rede is dit gemaak en geskape, en om hierdie rede word hulle [c]geheilig.
21 En diegene wat nie geheilig word deur die wet wat Ek gegee het aan julle nie, naamlik die wet van Christus, moet ʼn ander koninkryk beërwe, naamlik dit van ʼn terrestriale koninkryk, of dit van ʼn telestiale koninkryk.
22 Want hy wat nie in staat is om die [a]wet van ʼn selestiale koninkryk te verduur nie, kan nie ʼn selestiale heerlikheid verduur nie.
23 En hy wat nie die wet van ʼn terrestriale koninkryk kan verduur nie, kan nie ʼn [a]terrestriale heerlikheid verduur nie.
24 En hy wat nie die wet van ʼn [a]telestiale koninkryk kan verduur nie, kan nie ʼn telestiale heerlikheid verduur nie; daarom is hy nie geskik vir ʼn koninkryk van heerlikheid nie. Daarom moet hy ʼn koninkryk verduur wat nie ʼn koninkryk van heerlikheid is nie.
25 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, die [a]aarde verduur die wet van ʼn selestiale koninkryk, want dit vervul die doel van sy skepping, en oortree nie die wet nie—
26 Daarom, dit sal [a]geheilig word; ja alhoewel dit sal [b]sterwe, sal dit weer verkwik word, en sal die mag verduur waardeur dit verkwik is, en die [c]regverdiges sal dit [d]beërwe.
27 Want alhoewel hulle sterwe, sal hulle ook weer [a]opstaan, ʼn [b]geestelike liggaam.
28 Hulle wat van ʼn selestiale gees is, sal dieselfde liggaam ontvang wat ʼn natuurlike liggaam was; en wel julle sal jul liggame ontvang, en julle [a]heerlikheid sal daardie heerlikheid wees waardeur julle liggame [b]verkwik is.
29 Julle wat verkwik is deur ʼn gedeelte van die [a]selestiale heerlikheid sal dan dieselfde ontvang, en wel ʼn volheid.
30 En hulle wat verkwik word deur ʼn gedeelte van die [a]terrestriale heerlikheid sal dan van dieselfde ontvang, en wel ʼn volheid.
31 En ook hulle wat verkwik

19*a* L&V 130:7–9.
20*a* L&V 38:20.
*b* Moses 1:39. GS Mens die, Mense—Die mens, potensiaal om soos Hemelse Vader te word.
*c* GS Heiligmaking.
22*a* L&V 105:5.
23*a* GS Terrestriale Heerlikheid.
24*a* GS Telestiale Heerlikheid.
25*a* GS Aarde.
26*a* GS Aarde—Finale toestand van die aarde.
*b* GS Wêreld—Einde van die wêreld.
*c* 2 Petr. 3:11–14. GS Regverdigheid, Regverdig.
*d* Matt. 5:5; L&V 45:58; 59:2; 63:49.
27*a* GS Opstanding.
*b* 1 Kor. 15:44.
28*a* GS Oordeel, Die Laaste.
*b* L&V 43:32; 63:51; 101:31.
29*a* GS Mens die, Mense—Die mens, potensiaal om soos Hemelse Vader te word; Selestiale Heerlikheid.
30*a* GS Terrestriale Heerlikheid.

word deur ʼn deel van die [a]teles-
tiale heerlikheid sal dan van die-
selfde ontvang, en wel ʼn volheid.
32 En hulle wat oorbly sal ook
[a]verkwik word; nietemin, hulle
sal weer terugkeer na hulle eie
plek, om dit te geniet wat hulle
[b]bereid is om te ontvang, omdat
hulle nie gewillig was om dit te
geniet wat hulle kon ontvang het
nie.
33 Want wat baat dit ʼn mens in-
dien ʼn gawe aan hom geskenk
word, en hy aanvaar nie die gawe
nie? Kyk, hy verbly hom nie in
dit wat aan hom gegee is nie, nóg
verbly hy hom in hóm wat die ge-
wer van die gawe is.
34 En verder, voorwaar, Ek sê
vir julle, dit wat beheer word
deur die wet, word ook bewaar
deur die wet en [a]vervolmaak en
geheilig daardeur.
35 Dit wat die wet [a]verbreek,
en nie die wet gehoorsaam nie,
maar soek om ʼn wet tot homself
te word, en verkies om in sonde te
bly, en algeheel in sonde bly, kan
nie deur die wet geheilig word nie,
nóg deur [b]barmhartigheid, [c]ge-
regtigheid, nóg oordeel. Daarom
moet hulle steeds [d]vuil bly.
36 Alle koninkryke is ʼn wet ge-
gee.
37 En daar is vele [a]koninkryke;
want daar is geen ruimte waarin
daar nie ʼn koninkryk is nie; en
daar is geen koninkryk waarin
daar geen ruimte is nie, of ʼn gro-
tere of ʼn mindere koninkryk.
38 En aan elke koninkryk is ʼn
[a]wet gegee; en aan elke wet is
daar ook sekere grense en voor-
waardes.
39 Alle skepsels wat nie daardie
[a]voorwaardes gehoorsaam nie, is
nie [b]geregverdig nie.
40 Want [a]intelligensie kleef aan
intelligensie; [b]wysheid ontvang
wysheid; [c]waarheid omhels waar-
heid; [d]deug is lief vir deug; [e]lig
kleef aan lig; barmhartigheid het
[f]ontferming oor barmhartigheid
en eis haar eie; geregtigheid vol-
hard in sy koers en eis sy eie; oor-
deel gaan voor die aangesig van
Hom wat op die troon sit en alle
dinge beheer en uitvoer.
41 Hy [a]begryp alle dinge, en
alle dinge is voor Hom, en alle
dinge is rondom Hom; en Hy is
bo alle dinge, en in alle dinge, en
is deur alle dinge, en is rondom
alle dinge; en alle dinge is deur
Hom, en van Hom, en wel God,
vir ewig en ewig.
42 En verder, voorwaar Ek sê vir
julle, Hy het ʼn wet aan alle dinge

31 *a* GS Telestiale Heerlikheid.
32 *a* Alma 11:41–45.
*b* GS Handelingsmag.
34 *a* GS Heiligmaking.
35 *a* GS Rebellie.
*b* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
*c* GS Geregtigheid.
*d* Openb. 22:11; 1 Ne. 15:33–35; 2 Ne. 9:16; Alma 7:21.
37 *a* L&V 78:15.
38 *a* L&V 88:13.
39 *a* L&V 130:20–21.
*b* GS Regverdigmaking, Regverdig.
40 *a* GS Intelligensie, Intelligensies.
*b* GS Wysheid.
*c* GS Waarheid.
*d* GS Deugsaamheid.
*e* GS Lig, Lig van Christus.
*f* GS Medelye.
41 *a* 1 Joh. 3:20; 1 Ne. 9:6; 2 Ne. 9:20; L&V 38:1–3. GS Alwetend.

gegee, waardeur hulle beweeg in hulle [a]tye en seisoene;

43 En hulle bane is vasgestel, naamlik die bane van die hemele en die aarde, wat die aarde en al die planete insluit.

44 En hulle gee [a]lig aan mekaar in hulle tye en seisoene, in hulle minute, in hulle ure, in hulle dae, in hulle weke, in hulle maande, in hulle jare—al hierdie is [b]een jaar vir God, maar nie vir die mens nie.

45 Die aarde rol op haar vlerke, en die [a]son gee sy lig bedags, en die maan gee haar lig snags, en die sterre gee ook hulle lig, soos hulle op hulle vlerke rol in hulle heerlikheid, te midde van die [b]mag van God.

46 Waarmee sal Ek hierdie koninkryke vergelyk sodat julle mag verstaan?

47 Kyk, al hierdie is koninkryke, en enigeen wat enige of die geringste van hierdie gesien het, het God [a]gesien, bewegende in sy majesteit en mag.

48 Ek sê vir julle, hy het Hom gesien, nietemin, Hy wat na sy [a]eie gekom het is nie aanvaar nie.

49 Die [a]lig skyn in die duisternis, maar die duisternis begryp dit nie; nietemin, die dag sal kom wanneer julle selfs vir God sal [b]begryp, omdat julle verkwik is in Hom en deur Hom.

50 Dan sal julle weet dat julle My gesien het, dat Ek is, en dat Ek die ware lig in julle is, en dat julle in My is; andersins kon julle nie toeneem nie.

51 Kyk, Ek sal hierdie koninkryke vergelyk met ’n man wat ’n land het, en hy het sy diensknegte uitgestuur na die land om die land om te spit.

52 En hy het aan die eerste gesê: Gaan jy en werk in die land, en in die eerste uur sal ek na jou kom, en jy sal die vreugde van my gelaat aanskou.

53 En hy het aan die tweede gesê: Gaan jy ook na die land, en in die tweede uur sal ek jou besoek met die vreugde van my gelaat.

54 En ook aan die derde, en sê: Ek sal jou besoek;

55 En aan die vierde, en so voorts tot die twaalfde.

56 En die heer van die land het na die eerste gegaan in die eerste uur, en by hom gebly die hele uur, en hy is verbly deur die lig van die gelaat van sy heer.

57 En toe het hy onttrek van die eerste sodat hy ook die tweede mag besoek, en die derde, en die vierde, en so voorts tot die twaalfde.

58 En so het hulle almal die lig van die gelaat van hulle heer

42*a* Dan. 2:20–22; Abr. 3:4–19.
44*a* GS Lig, Lig van Christus.
*b* Ps. 90:4; 2 Petr. 3:8.
45*a* Gén. 1:16; Abr. 4:16.
*b* L&V 88:7–13.
47*a* Alma 30:44; Moses 1:27–28; 6:63; Abr. 3:21.
48*a* Joh. 1:11; 3 Ne. 9:16; L&V 39:1–4.
49*a* L&V 6:21; 50:23–24; 84:45–47.
*b* Joh. 17:3; L&V 93:1, 28.

ontvang, elkeen in sy uur, en in
sy tyd, en in sy seisoen—
59 Beginnende by die eerste, en
so voorts tot die [a]laaste, en van
die laaste tot die eerste, en van
die eerste tot die laaste;
60 Elkeen op sy beurt, tot sy uur
verby was, net soos sy heer hom
gebied het, sodat sy heer in hom
verheerlik mag word, en hy in sy
heer, sodat hulle almal verheer-
lik mag word.
61 Daarom, met hierdie ge-
lykenis vergelyk Ek al hierdie
koninkryke, en die [a]inwoners
daarvan—elke koninkryk in sy
uur, en in sy tyd, en in sy seisoen,
en wel volgens die bevel wat God
gegee het.
62 En verder, voorwaar Ek sê vir
julle, my [a]vriende, Ek laat hier-
die woorde met julle om in julle
harte te [b]bepeins, met hierdie ge-
bod wat Ek aan julle gee, dat julle
My sal [c]aanroep terwyl Ek naby
is—
63 [a]Kom nader na My en Ek sal
nader aan julle kom; [b]soek My
ywerig en julle sal My [c]vind; vra
en julle sal ontvang; klop, en dit
sal vir julle oopgemaak word.
64 Wat ook al julle die Vader in
my Naam [a]vra, dit sal aan julle
gegee word, wat [b]raadsaam is vir
julle;
65 En indien julle enigiets vra
wat nie [a]raadsaam is vir julle nie,
sal dit omkeer tot julle [b]veroor-
deling.
66 Kyk, dit wat julle hoor is soos
die [a]stem van een roepende in die
wildernis—in die wildernis om-
dat julle hom nie kan sien nie—
my stem, want my stem is [b]Gees;
my Gees is die [c]waarheid; waar-
heid duur voort en het geen einde
nie; en indien dit in julle is, sal dit
toeneem.
67 En indien julle oog [a]enkel
gerig is op my [b]heerlikheid, sal
julle hele liggame met lig gevul
wees, en daar sal geen duisternis
in julle wees nie; en daardie lig-
gaam wat gevul is met lig, [c]be-
gryp alle dinge.
68 Daarom, [a]heilig julleself so-
dat julle [b]verstand enkel gerig
word op God, en die dae sal kom
dat julle Hom sal [c]sien; want Hy
sal sy aangesig ontsluier vir julle,
en dit sal in sy eie tyd wees, en
op sy eie wyse en volgens sy eie
wil.
69 Onthou die groot en laaste

59*a* Matt. 20:1–16.
61*a* L&V 76:24.
62*a* L&V 84:63; 93:45.
*b* GS Peins.
*c* Jes. 55:6; Jak. 1:5; L&V 46:7.
63*a* Sag. 1:3; Jak. 4:8; Openb. 3:20.
*b* 1 Kron. 28:9; Ether 12:41; L&V 101:38.
*c* L&V 4:7; 49:26.
64*a* GS Gebed.
*b* L&V 18:18; 46:28–30.
65*a* Jak. 4:3.
*b* L&V 63:7–11.
66*a* Jes. 40:3; 1 Ne. 17:13; Alma 5:37–38; L&V 128:20.
*b* GS Heilige Gees; Lig, Lig van Christus.
*c* GS Waarheid.
67*a* Matt. 6:22; Lk. 11:34–36; L&V 82:19.
*b* Joh. 7:18.
*c* Spr. 28:5; L&V 93:28. GS Onderskeiding, Gawe van.
68*a* GS Heiligmaking.
*b* GS Verstand.
*c* L&V 67:10–13; 93:1; 97:15–17.

belofte wat Ek aan julle gemaak het; werp julle [a]ydele gedagtes en julle oorvloedige [b]gelag ver van julle.

70 Vertoef julle, vertoef julle op hierdie plek, en belê ʼn plegtige samekoms, naamlik vir diegene wat die eerste arbeiders is in hierdie laaste koninkryk.

71 En laat diegene vir wie hulle [a]gewaarsku het tydens hulle reise, die Here aanroep en die waarskuwing wat hulle ontvang het bepeins in hulle harte, vir ʼn kort tydjie.

72 Kyk, en sien, Ek sal julle kuddes versorg, en sal ouderlinge opwek en na hulle stuur.

73 Kyk, Ek sal my werk verhaas op sy tyd.

74 En Ek gee aan julle, wat die eerste [a]arbeiders in hierdie laaste koninkryk is, ʼn gebod dat julle julleself byeen versamel, en julleself organiseer, en julleself voorberei, en julleself [b]heilig; ja, suiwer julle harte, en [c]reinig julle hande en voete voor My, sodat Ek julle [d]rein mag maak;

75 Sodat Ek mag getuig aan julle [a]Vader, en julle God, en my God, dat julle gereinig is van die bloed van hierdie goddelose geslag; dat Ek hierdie belofte mag vervul, hierdie groot en laaste belofte, wat Ek aan julle gemaak het, wanneer Ek wil.

76 Ook gee Ek aan julle ʼn gebod dat julle sal voortgaan met [a]gebed en [b]vas vanaf hierdie tyd aan.

77 En Ek gee aan julle ʼn gebod dat julle mekaar in die [a]leerstellings van die koninkryk sal [b]onderrig.

78 Onderrig julle ywerig en my [a]genade sal met julle wees, sodat julle meer ten volle [b]onderrig mag word in teorie, in beginsel, in leer, in die wet van die evangelie, in alle dinge wat betrekking het op die koninkryk van God, wat raadsaam is vir julle om te begryp;

79 Van dinge beide in die [a]hemel en op die aarde, en onder die aarde; dinge wat was, dinge wat is, dinge wat binnekort moet gebeur, dinge wat tuis is, dinge wat in die buiteland is; die [b]oorloë en die verwarrings van die nasies, en die oordele wat op die land is; en ook ʼn kennis van lande en koninkryke—

80 Sodat julle voorbereid mag wees in alle dinge wanneer Ek julle weer sal stuur om die roeping waartoe Ek julle geroep het te verheerlik, en die sending wat Ek aan julle opgedra het.

---

69*a* Matt. 12:36; Mosia 4:29–30; Alma 12:14.
*b* L&V 59:15; 88:121.
71*a* GS Waarsku, Waarskuwing.
74*a* Matt. 20:1, 16.
*b* Lev. 20:7–8; 3 Ne. 19:28–29; L&V 50:28–29; 133:62.
*c* GS Rein en Onrein.
*d* Ether 12:37.
75*a* GS God, Godheid—God die Vader; Mens die, Mense—Die mens, ʼn geesteskind van Hemelse Vader; Vader in die Hemel.
76*a* GS Gebed.
*b* GS Vas.
77*a* GS Leer van Christus.
*b* GS Onderrig, Onderwyser.
78*a* GS Genade.
*b* L&V 88:118; 90:15; 93:53.
79*a* GS Hemel.
*b* GS Oorlog.

81 Kyk, Ek stuur julle uit om te [a]getuig en die mense te waarsku, en dit is noodsaaklik dat elkeen wat gewaarsku is, sy naaste moet [b]waarsku.

82 Daarom, hulle is gelaat sonder verskoning, en hulle sondes is op hulle eie hoofde.

83 Hy wat My [a]vroeg [b]soek sal My vind, en hy sal nie versaak word nie.

84 Daarom, vertoef julle, en arbei ywerig, sodat julle vervolmaak mag word in julle bediening om uit te gaan onder die [a]nie-Jode vir die laaste keer, soveel as wat die mond van die Here sal noem, om die wet toe te [b]bind en die getuienis te verseël, en om die heiliges voor te berei op die uur van oordeel wat sal kom;

85 Sodat hulle siele die toorn van God mag ontvlug, die [a]verlatenheid van gruwel wat wag vir die bose, beide in hierdie wêreld en in die komende wêreld. Voorwaar, Ek sê vir julle, laat diegene wat nie die eerste ouderlinge is nie, voortgaan in die wingerd tot die mond van die Here hulle sal [b]roep, want hulle tyd het nog nie gekom nie; hulle kleding is nog nie [c]gereinig van die bloed van hierdie geslag nie.

86 Volhard in die [a]vryheid waarmee julle [b]vrygemaak is; [c]verstrengel julleself nie in die [d]sonde nie, maar laat julle hande [e]skoon wees, totdat die Here kom.

87 Want nie baie dae van hierdie tyd af nie en die [a]aarde sal [b]bewe en heen en weer waggel soos 'n dronk mens; die [c]son sal sy gesig verberg en sal weier om lig te gee; en die maan sal gebaai wees in [d]bloed; en die [e]sterre sal uitermate kwaad word, en sal hulleself neerwerp soos 'n vy wat van 'n vyeboom afval.

88 En na julle getuienis kom toorn en verontwaardiging oor die volk.

89 Want na julle getuienis kom die getuienis van [a]aardbewings wat kreunings sal veroorsaak in haar midde, en mense sal op die grond neerval en sal nie kan staan nie.

90 En ook kom die getuienis van die [a]stem van donderslae, en die stem van weerligte, en die stem van storms, en die stem van die golwe van die see wat hulleself ophef buite hulle grense.

91 En alles sal in [a]beroering

81 *a* GS Getuig.
*b* L&V 63:58. GS Waarsku, Waarskuwing.
83 *a* Alma 37:35.
*b* Deut. 4:29–31; Jer. 29:12–14; L&V 54:10.
84 *a* JS—G 1:41.
*b* Jes. 8:16–17.
85 *a* Matt. 24:15.
*b* L&V 11:15.
*c* 1 Ne. 12:10–11; Jakob 1:19; 2:2; L&V 112:33. GS Suiwer, Suiwerheid.
86 *a* Mosia 5:8. GS Vry, Vryheid.
*b* Joh. 8:36. GS Handelingsmag; Vry, Vryheid.
*c* Gal. 5:1.
*d* GS Sonde.
*e* Job 17:9; Ps. 24:4; Alma 5:19.
87 *a* Jes. 13:4–13.
*b* L&V 43:18.
*c* Joël 2:10; L&V 45:42; 133:49.
*d* Openb. 6:12.
*e* Joël 3:15.
89 *a* L&V 45:33.
90 *a* Openb. 8:5; L&V 43:17–25.
91 *a* L&V 45:26.

wees; en sekerlik sal mense se harte hulle faal; want vrees sal oor alle mense kom.

92 En [a]engele sal deur die middel van die hemel vlieg, roepende met 'n luide stem, en die trompet van God blaas, en sê: Berei julle voor, berei julle voor, o inwoners van die aarde; want die oordeel van ons God het gekom. Kyk, en sien, die [b]Bruidegom kom; gaan julle uit om hom te ontmoet.

93 En onmiddellik sal daar 'n [a]groot teken verskyn in die hemel, en alle mense sal dit terselfdertyd sien.

94 En 'n ander engel sal sy trompet blaas, en sê: Daardie [a]groot [b]kerk, die [c]moeder van gruwels, wat alle nasies maak drink het van die wyn van die toorn van haar [d]ontug, wat die heiliges van God vervolg, wat hulle bloed vergiet het—sy wat sit op baie waters, en op die eilande van die see—kyk, sy is die [e]onkruid van die aarde; sy is gebind in bondels; haar bande is sterk gemaak, geen mens kan hulle losmaak nie; daarom, sy is gereed om [f]verbrand te word. En hy sal sy trompet beide lank en luid blaas, en alle nasies sal dit hoor.

95 En daar sal [a]stilte in die hemel wees vir 'n tydperk van 'n halfuur; en onmiddellik daarna sal die sluier van die hemel ontvou word, soos 'n [b]boekrol ontvou word nadat dit opgerol is, en die [c]aangesig van die Here sal ontsluier word;

96 En die heiliges wat op die aarde is, wat lewendig is, sal verkwik word en [a]opgeneem word om Hom te ontmoet.

97 En hulle wat in hulle grafte geslaap het sal [a]voortkom, want hulle grafte sal geopen word; en hulle sal ook opgeneem word om hom te ontmoet in die middel van die pilaar van die hemel—

98 Hulle is Christus s'n, die [a]eerste vrugte, hulle sal eerste saam met Hom neerdaal, en hulle wat op die aarde is en in hulle grafte, wat eerste opgeneem word om hom te ontmoet; en dit alles deur die stem van die blaas van die trompet van die engel van God.

99 En hierna sal 'n ander engel blaas, wat die tweede trompet is; en dan kom die verlossing van diegene wat Christus s'n is by sy koms; wat hulle deel ontvang het in daardie [a]gevangenis wat voorberei is vir hulle, sodat hulle die evangelie mag ontvang, en [b]geoordeel word volgens mense in die vlees.

---

92*a* Openb. 8:13; L&V 133:17.
*b* Matt. 25:1–13; L&V 33:17; 133:10, 19.
93*a* Matt. 24:30; Lk. 21:25–27. GS Tekens van die Tye.
94*a* 1 Ne. 13:4–9.
*b* GS Duiwel—Die kerk van die duiwel.
*c* Openb. 17:5.
*d* Openb. 14:8.
*e* Matt. 13:38.
*f* L&V 64:23–24; 101:23–25. GS Aarde—Reiniging van die aarde.
95*a* L&V 38:12.
*b* Openb. 6:14.
*c* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
96*a* 1 Thes. 4:16–17.
97*a* L&V 29:13; 45:45–46; 133:56. GS Opstanding.
98*a* 1 Kor. 15:23.
99*a* L&V 76:73; 138:8. GS Heil vir die Dode.
*b* 1 Petr. 4:6.

100 En verder, nog ′n trompet
sal blaas, wat die derde trompet
is; en dan kom die [a]geeste van
mense wat geoordeel moet word,
en word onder [b]veroordeling be-
vind;
101 En hulle is die res van die
[a]dode; en hulle lewe nie weer tot
die [b]duisend jaar geëindig het nie,
en nie weer nie, tot die einde van
die aarde.
102 En ′n ander trompet sal
blaas, wat die vierde trompet
is, en sê: Daar is onder diegene
wat sal bly tot daardie groot en
laaste dag, naamlik die einde, wat
steeds [a]vuil sal bly.
103 En nog ′n trompet sal blaas,
wat die vyfde trompet is, wat die
vyfde engel is wat die [a]ewigdu-
rende evangelie toevertrou—wat
vlieg deur die midde van die he-
mel, aan alle nasies, stamme, tale
en volke;
104 En dit sal die klank van sy
trompet wees, wat spreek tot alle
mense, beide in die hemel en op
die aarde, en wat onder die aarde
is—want [a]elke oor sal dit hoor, en
elke knie sal [b]buig, en elke tong
sal bely, terwyl hulle die klank
van die trompet hoor wat sê:
[c]Vrees God, en verheerlik Hom
wat sit op die troon, vir ewig en
ewig; want die uur van sy oordeel
het gekom.
105 En verder, ′n ander engel sal
sy trompet blaas, wat die sesde
engel is, wat sê: Sy het [a]geval wat
al die nasies gemaak drink het
van die wyn van die toorn van
haar ontug; sy het geval, het ge-
val!
106 En verder, ′n ander engel
sal sy trompet blaas, wat die se-
wende engel is, wat sê: Dit is vol-
tooi; dit is voltooi! Die [a]Lam van
God het [b]oorwin en die wynpers
alleen [c]getrap, naamlik die wyn-
pers van die felheid van die toorn
van die Almagtige God.
107 En dan sal die engele ge-
kroon word met die heerlikheid
van sy mag, en die [a]heiliges ge-
vul word met sy [b]heerlikheid, en
hulle [c]erfenis ontvang en [d]gelyk-
gemaak word met Hom.
108 En dan sal die eerste engel
weer sy trompet blaas in die ore
van alle lewendes, en die geheime
dade van mense [a]openbaar, en die
magtige werke van God in die
[b]eerste duisend jaar.
109 En dan sal die tweede engel
sy trompet blaas, en die geheime
dade van mense openbaar, en

---

100*a* Openb. 20:12–13; Alma 11:41; L&V 43:18; 76:85.
*b* GS Veroordeel, Veroordeling.
101*a* Openb. 20:5.
*b* GS Millennium.
102*a* GS Vieslik, Vieslikheid.
103*a* Openb. 14:6–7. GS Herstelling van die Evangelie.
104*a* Openb. 5:13.
*b* Jes. 45:23; Filip. 2:9–11.
*c* GS Eerbied; Vrees—Vrees vir God.
105*a* Openb. 14:8; L&V 1:16.
106*a* GS Lam van God.
*b* 1 Kor. 15:25.
*c* Jes. 63:3–4; Openb. 19:15; L&V 76:107; 133:50.
107*a* GS Heilige.
*b* GS Selestiale Heerlikheid.
*c* GS Verheffing.
*d* L&V 76:95.
108*a* Alma 37:25; L&V 1:3.
*b* L&V 77:6–7.

die gedagtes en bedoelings van
hulle harte, en die magtige werke
van God in die tweede duisend
jaar—
110 En so voorts, tot die sewende
engel sy trompet sal blaas; en hy
sal eenkant staan op die land en
op die see, en sweer in die Naam
van Hom wat op die troon sit, dat
daar nie meer [a]tyd sal wees nie;
en [b]Satan sal gebind wees, daar-
die ou slang, wat die duiwel ge-
noem word, en sal nie losgelaat
word vir ′n tydperk van ′n [c]dui-
send jaar nie.
111 En dan sal hy vir ′n kort tyd-
jie [a]losgelaat word, sodat hy sy
leërs byeen mag versamel.
112 En [a]Mígael, die sewende
engel, naamlik die aartsengel, sal
sy leërs byeen versamel, naamlik
die leërskare van die hemel.
113 En die duiwel sal sy leërs by-
een versamel; naamlik die leër-
skare van die hel, en sal optrek
om oorlog te maak teen Mígael
en sy leërs.
114 En dan kom die [a]stryd van
die groot God; en die duiwel en
sy leërs sal weggewerp word na
hulle eie plek, sodat hulle hoege-
naamd nie meer mag oor die hei-
liges sal hê nie.
115 Want Mígael sal hulle oorloë
veg, en sal hom oorwin wat die
troon [a]soek van Hom wat op die
troon sit, naamlik die Lam.
116 Dit is die heerlikheid van
God, en die [a]geheiligdes; en hulle
sal nie meer die [b]dood sien nie.
117 Daarom, voorwaar Ek sê vir
julle my [a]vriende, belê julle pleg-
tige samekoms, soos Ek julle ge-
bied het.
118 En aangesien nie almal ge-
loof het nie, soek julle ywerig en
[a]onderrig mekaar die woorde van
[b]wysheid; ja, soek julle uit die
beste [c]boeke woorde van wys-
heid; soek geleerdheid, en wel
deur studie en ook deur geloof.
119 Organiseer julleself; berei
elke noodsaaklike ding; en ves-
tig ′n [a]huis, naamlik ′n huis van
gebed, ′n huis van vas, ′n huis van
geloof, ′n huis van geleerdheid, ′n
huis van heerlikheid, ′n huis van
orde, ′n huis van God;
120 Sodat julle ingange in die
Naam van die Here mag wees;
dat julle uitgange in die Naam
van die Here mag wees; sodat
al julle begroetinge in die Naam
van die Here mag wees, met
opgehefde hande na die Aller-
hoogste.
121 Daarom, [a]hou op met al
julle ligsinnige praatjies, met alle

110 *a* L&V 84:100.
*b* Openb. 20:1–3; 1 Ne. 22:26; L&V 101:28. GS Duiwel.
*c* GS Millennium.
111 *a* L&V 29:22; 43:30–31.
112 *a* GS Mígael.
114 *a* Openb. 16:14.
115 *a* Jes. 14:12–17; Moses 4:1–4.
116 *a* GS Heiligmaking; Verheffing.
*b* Openb. 21:4; Alma 11:45; 12:18; L&V 63:49. GS Onsterflik, Onsterflikheid.
117 *a* L&V 109:6.
118 *a* L&V 88:76–80. GS Onderrig, Onderwyser.
*b* GS Wysheid.
*c* L&V 55:4; 109:7, 14.
119 *a* L&V 95:3; 97:10–17; 109:2–9; 115:8. GS Tempel, Huis van die Here.
121 *a* L&V 43:34; 100:7.

[b]gelag, met alle [c]wellustige begeertes, met al julle [d]hoogmoed en ligsinnigheid, en met al julle goddelose dade.

122 Stel ′n onderwyser onder julle aan, en laat nie almal segsmanne terselfdertyd wees nie; maar laat een spreek op ′n keer en laat almal luister na sy woorde, sodat wanneer almal gespreek het, dat almal deur almal opgebou kan word, en sodat elkeen ′n gelyke voorreg mag hê.

123 Sien toe dat julle mekaar [a]liefhet; hou op om [b]begerig te wees; leer om met mekaar te deel soos die evangelie vereis.

124 Hou op om [a]ledig te wees; hou op om onrein te wees; hou op om [b]fout te vind met mekaar; hou op om langer te slaap as wat nodig is; gaan vroeg na jou bed toe, sodat julle nie moeg mag wees nie; staan vroeg op, sodat julle liggame en verstand verfris mag wees.

125 En bo alles, klee julleself met die band van [a]naasteliefde, soos met ′n mantel, wat die band van volmaaktheid en [b]vrede is.

126 [a]Bid altyd, sodat julle nie moedeloos mag word nie, totdat Ek [b]kom. Kyk, en sien, Ek sal spoedig kom, en julle tot Myself ontvang. Amen.

127 En verder, die orde wat berei is vir die huis vir die presidensie van die [a]skool van die profete, gevestig vir hulle onderrig in alle dinge wat raadsaam is vir hulle, naamlik vir al die [b]amptenare van die kerk, of met ander woorde, diegene wat geroep word tot die bediening in die kerk, beginnende by die hoëpriesters, en tot by die diakens—

128 En dit sal die orde wees vir die huis van die presidensie van die skool: Hy wat aangestel is as president, of onderwyser, sal staande in sy plek gevind word, in die huis wat vir hom voorberei sal word.

129 Daarom, hy sal eerste wees in die huis van God, in ′n plek waar die gemeente in die huis sy woorde sorgvuldig en duidelik mag hoor, nie met luide spraak nie.

130 En wanneer hy die huis van God binnekom, want hy moet eerste in die huis wees—kyk, dit is mooi, sodat hy ′n voorbeeld mag wees—

131 Laat hy homself as ′n [a]offer toewy in gebed op sy knieë voor God, as teken of herinnering van die ewigdurende verbond.

132 En wanneer enigeen na hom sal inkom, laat die onderwyser opstaan, en, met hande omhoog gelig na die hemel, ja, uitgestrek, sy broer of broers groet met hierdie woorde:

121 *b* L&V 59:15; 88:69.
*c* GS Vleeslik.
*d* GS Hoogmoed.
123 *a* GS Liefde.
*b* GS Begeer.
124 *a* GS Lui, Luiheid.
*b* L&V 64:7–10. GS Kwaadsprekery.
125 *a* GS Naasteliefde.
*b* GS Vrede.
126 *a* GS Gebed.
*b* L&V 1:12.
127 *a* GS Skool van die Profete.
*b* GS Amp, Ampsdraer.
131 *a* GS Aanbid.

133 Is jy ʼn broer of is julle broers? Ek groet julle in die Naam van die Here Jesus Christus, as ʼn teken of herinnering van die ewigdurende verbond, in welke verbond Ek julle ontvang in [a]deelgenootskap, met ʼn vasberadenheid wat ferm is, onbeweeglik, en onveranderlik, om julle vriend en [b]broer te wees deur die genade van God in die bande van liefde, om skuldeloos te wandel in al die gebooie van God, met danksegging, vir ewig en ewig. Amen.

134 En hy wat onwaardig bevind word van hierdie begroeting sal nie plek hê onder julle nie; want julle sal nie toelaat dat my huis deur hom [a]besoedel sal word nie.

135 En hy wat binnekom en getrou is voor My, en ʼn broer is, of as hulle broers is, sal hulle die president of die onderwyser groet met hande omhoog gelig na die hemel, met hierdie selfde gebed en verbond, of deur te sê Amen, as teken daarvan.

136 Kyk, voorwaar, Ek sê vir julle, dit is ʼn voorbeeld vir julle van ʼn begroeting aan mekaar in die huis van God, in die skool van die profete.

137 En julle word geroep om dit te doen deur gebed en danksegging, soos die Gees gee om te spreek in al julle dade in die huis van die Here, in die skool van die profete, sodat dit ʼn heiligdom mag word, ʼn tabernakel van die Heilige Gees om julle [a]op te bou.

138 En julle sal geeneen onder julle ontvang in hierdie skool tensy hy skoon is van die [a]bloed van hierdie geslag nie;

139 En hy sal ontvang word deur die ordinansie van die [a]wassing van voete, want vir hierdie doel is die ordinansie van die wassing van voete ingestel.

140 En verder, die ordinansie van die wassing van voete moet bedien word deur die president of presiderende ouderling van die kerk.

141 Dit moet begin word met ʼn gebed; en nadat van die brood en wyn [a]gebruik is, moet hy homself omgord volgens die [b]voorbeeld gegee in die dertiende hoofstuk van Johannes se getuienis aangaande My. Amen.

---

## AFDELING 89

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 27 Februarie 1833. As gevolg van die vroeë broers wat tabak gebruik het in hulle vergaderings, is die Profeet gelei om te bepeins oor die*

---

133*a* GS Bevriend.
*b* GS Broers; Suster.
134*a* L&V 97:15–17; 110:7–8.
137*a* L&V 50:21–24.
138*a* L&V 88:74–75, 84–85.
139*a* GS Was, Gewas, Wassings.
141*a* GS Nagmaal.
*b* Joh. 13:4–17.

*saak; gevolglik het hy by die Here navraag gedoen daaromtrent. Hierdie openbaring, bekend as die Woord van Wysheid, is die gevolg.*

*1–9, Die gebruik van wyn, sterk drank, tabak, en warm dranke word verbied; 10–17, Kruie, vrugte, vleis, en graan is geordineer vir die gebruik van die mens en van diere; 18–21, Gehoorsaamheid aan evangeliese wette, insluitende die Woord van Wysheid, bring stoflike en geestelike seëninge.*

ʼN [a]WOORD VAN WYSHEID, tot die voordeel van die raad van hoëpriesters, versamel in Kirtland, en die kerk, en ook die heiliges in Sion—

2 Om gestuur te word as begroeting; nie as gebod of dwang nie, maar deur openbaring en die woord van wysheid, wat die orde en [a]wil van God toon ten opsigte van die liggaamlike behoud van alle heiliges in die laaste dae—

3 Gegee as ʼn beginsel met ʼn [a]belofte, aangepas by die vermoë van die swakkes en die swakste van alle [b]heiliges, wat heiliges is, of genoem kan word.

4 Kyk, voorwaar, so sê die Here vir julle: As gevolg van die [a]boos- hede en planne wat bestaan en sal bestaan in die harte van [b]sameswerende mense in die laaste dae, het Ek julle [c]gewaarsku, en waarsku julle vooraf, deur aan julle hierdie woord van wysheid deur openbaring te gee—

5 Dat in soverre enigeen [a]wyn of sterk drank onder julle drink, kyk, dit is nie goed nie, nóg gepas in die oë van julle Vader, slegs wanneer julle julleself byeen versamel om julle sakramente te offer voor Hom.

6 En kyk, dit moet wyn wees, ja, [a]suiwer wyn van die druif van die wingerdstok, van julle eie maaksel.

7 En verder, [a]sterk drank is nie vir die buik nie, maar vir die was van julle liggame.

8 En verder, tabak is nie vir die [a]liggaam nie, nóg vir die buik, en is nie goed vir die mens nie, maar is ʼn kruid vir kneusplekke en alle siek vee, om met oordeel en vernuf gebruik te word.

9 En verder, warm dranke is nie vir die liggaam of die buik nie.

10 En verder, voorwaar, Ek sê vir julle, alle heilsame [a]kruie het God geordineer vir die gestel, aard en gebruik van die mens—

11 Elke kruid in die seisoen daarvan, en elke vrug in die seisoen daarvan; al hierdie om gebruik te word met wysheid en [a]danksegging.

**89** 1*a* GS Woord van Wysheid.
2*a* L&V 29:34. GS Gebooie van God.
3*a* L&V 89:18–21.
*b* GS Heilige.
4*a* GS Bedrog, Bedrieg, Bedrieër.
*b* GS Geheime Organisasies.
*c* GS Waarsku, Waarskuwing.
5*a* Lev. 10:9–11; Jes. 5:11–12; 1 Kor. 6:10.
6*a* L&V 27:1–4.
7*a* Spr. 20:1; 23:29–35.
8*a* 1 Kor. 3:16–17. GS Liggaam.
10*a* DI plante. Gén. 1:29; L&V 59:17–20.
11*a* GS Dank, Dankbaar, Danksegging.

12 Ja, ook [a]vleis van [b]diere en van die voëls van die lug, het Ek, die Here, geordineer vir die gebruik van die mens met danksegging; nietemin, dit moet [c]spaarsaam gebruik word;

13 En dit behaag My dat dit nie gebruik moet word nie, slegs in wintertyd, of in koue, of hongersnood.

14 Alle [a]graan is geordineer vir die gebruik van die mens en diere, om die staf van die lewe te wees, nie slegs vir die mens nie maar vir die diere van die veld, en die voëls van die hemel, en alle wilde diere wat hardloop of op die aarde kruip;

15 En hulle is deur God gemaak vir die gebruik van die mens slegs in tye van hongersnood en uitermate honger.

16 Alle graan is goed vir kos van die mens; en so ook die vrug van die wingerdstok; dit wat vrugte dra, hetsy in die grond of bo die grond—

17 Nietemin, koring vir die mens, en mielies vir die os, en hawer vir die perd en rog vir die voëls en die varke, en vir alle diere van die veld, en gars vir alle nuttige diere, en vir matige dranke, asook ander graan.

18 En alle heiliges wat onthou om hierdie dinge te onderhou en te doen, en in gehoorsaamheid aan die gebooie wandel, sal [a]gesondheid in hulle nawel en murg in hulle gebeente ontvang;

19 En sal [a]wysheid en groot skatte van [b]kennis vind, selfs verborge skatte;

20 En sal [a]hardloop en nie moeg word nie, en sal loop en nie afgemat word nie.

21 En Ek, die Here, gee aan hulle 'n [a]belofte, dat die vernietigende engel by hulle sal [b]verbygaan, soos die kinders van Israel, en hulle nie doodmaak nie. Amen.

---

## AFDELING 90

*Openbaring aan Joseph Smith die Profeet, gegee te Kirtland, Ohio, 8 Maart 1833. Hierdie openbaring is 'n verdere stap in die vestiging van die Eerste Presidensie (sien die opskrif van afdeling 81); as gevolg daarvan, is die genoemde raadgewers geordineer op 18 Maart 1833.*

*1–5, Die sleutels van die koninkryk word toevertrou aan Joseph Smith en deur hom aan die Kerk; 6–7, Sidney Rigdon en Frederick G. Williams moet in die Eerste Presidensie dien; 8–11, Die evangelie moet gepreek word aan die nasies van Israel, aan die nie-Jode, en aan*

12 *a* Gén. 9:3; Lev. 11:1–8.
*b* 1 Tim. 4:3–4; L&V 49:18–21.
*c* L&V 59:20.
14 *a* Dan. 1:6–20.
18 *a* Spr. 3:8.
19 *a* GS Wysheid.
*b* GS Getuienis; Kennis.
20 *a* Jes. 40:31.
21 *a* L&V 84:80.
*b* Ex. 12:23, 29.

*die Jode en elkeen moet dit hoor in sy eie taal; 12–18, Joseph Smith en sy raadgewers moet die Kerk in orde bring; 19–37, Verskeie individue word deur die Here raad gegee om opreg te wandel en in sy koninkryk te dien.*

So sê die Here, voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou my seun, jou sondes is jou [a]vergewe, volgens jou smeekgebed, want jou gebede en die gebede van jou broers het opgestyg tot in my ore.

2 Daarom, jy is geseënd van nou af wat die [a]sleutels dra van die koninkryk wat aan jou gegee is; welke [b]koninkryk na vore kom vir die laaste keer.

3 Voorwaar Ek sê vir jou, die sleutels van hierdie koninkryk sal nooit van jou weggeneem word terwyl jy in die wêreld is nie, nóg in die komende wêreld;

4 Nietemin, deur jou sal die [a]openbarings gegee word aan ′n ander, ja, naamlik aan die kerk.

5 En al diegene wat die openbarings van God ontvang, laat hulle [a]versigtig wees hoe hulle dit beskou, sodat dit nie ligtelik gereken word nie, en daardeur onder veroordeling gebring word, en struikel en val wanneer die storms neerdaal, en die winde waai, en die [b]reëns val, en teen hulle huis slaan.

6 En verder, voorwaar, Ek sê vir julle broers, Sidney Rigdon en Frederick G. Williams, dat hulle sondes hulle ook vergewe is, en hulle word gereken as gelyk aan jou om die sleutels van hierdie laaste koninkryk te hou;

7 Asook deur jou bediening die sleutels van die [a]skool van die profete, wat Ek jou gebied het om georganiseer te word;

8 Sodat hulle daardeur vervolmaak mag word in hulle bediening vir die heil van Sion, en van die nasies van Israel, en van die nie-Jode, soveel as wat wil glo;

9 Sodat deur jou bediening hulle die woord mag ontvang, en deur hulle beheer die woord mag uitgaan na die eindes van die aarde, aan die [a]nie-Jode [b]eerste, en dan, kyk en sien, sal hulle keer na die Jode.

10 En dan kom die dag wanneer die arm van die Here [a]ontbloot sal word in mag om die nasies te oortuig, die heidense nasies, die huis van [b]Josef, van die evangelie van hulle heil.

11 Want dit sal gebeur op daardie dag dat elkeen die volheid van die evangelie sal [a]hoor in sy eie tong, en in sy eie taal, deur

**90** 1*a* GS Vergewe.
2*a* L&V 65:2. GS Sleutels van die Priesterskap.
*b* GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
4*a* Hand. 7:38; Rom. 3:2; Hebr. 5:12; L&V 124:39, 126. GS Profesie, Profeteer.
5*a* L&V 1:14.
*b* Matt. 7:26–27.
7*a* GS Skool van die Profete.
9*a* 1 Ne. 13:42; L&V 107:33; 133:8.
*b* Matt. 19:30; Ether 13:10–12.
10*a* L&V 43:23–27; 88:84, 87–92.
*b* Gén. 49:22–26; 1 Ne. 15:13–14.
11*a* GS Sendingwerk.

diegene wat [b]geordineer is tot hierdie [c]mag, deur die bediening van die [d]Trooster wat uitgestort is oor hulle vir die openbaring van Jesus Christus.

12 En nou, voorwaar Ek sê vir julle, Ek gee aan julle ʼn gebod dat julle volhou in die [a]bediening en presidensie.

13 En wanneer julle die vertaling van die profete voltooi het, sal julle van dan af [a]presideer oor die sake van die kerk en die [b]skool;

14 En van tyd tot tyd, soos geopenbaar sal word deur die Trooster, [a]openbarings ontvang om die [b]verborgenhede van die koninkryk te ontvou.

15 En bring die kerke in orde, en [a]studeer en [b]leer, en word bekend met alle goeie boeke, en met [c]tale, tonge, en volke.

16 En dit sal julle plig en sending deur julle hele lewens wees, om te presideer in raadsitting, en al die sake van die kerk en koninkryk in orde te bring.

17 Wees nie [a]beskaamd nie, nóg in die skande; maar wees vermaan in al julle hoogmoed en [b]trots, want dit stel ʼn strik vir julle siele.

18 Bring julle huise in orde; hou [a]luiheid en [b]onreinheid ver van julle.

19 Nou, voorwaar, Ek sê vir jou, laat daar ʼn plek voorsien word, so gou as moontlik, vir die familie van jou raadgewer en skrywer, naamlik Frederick G. Williams.

20 En laat my bejaarde dienskneg, [a]Joseph Smith, Snr., aanbly met sy familie op die plek waar hy nou woon; en laat dit nie verkoop word totdat die mond van die Here sal benoem nie.

21 En laat my raadgewer, naamlik [a]Sidney Rigdon, bly waar hy nou woon tot die mond van die Here sal benoem.

22 En laat die biskop ywerig soek om ʼn [a]agent te verkry, en laat hom ʼn man wees wat [b]rykdomme besit—ʼn man van God, en van sterk geloof—

23 Sodat hy daardeur in staat gestel mag word om alle skuld te vereffen; sodat die voorraadskuur van die Here nie oneer aangedoen word in die oë van die volk nie.

24 Soek [a]ywerig, [b]bid altyddeur, en wees gelowig, en [c]alle dinge sal ten goede meewerk vir julle, indien julle opreg wandel en die

---

11 *b* GS Ordineer, Ordinering; Roep, Geroepe van God, Roeping.
*c* GS Priesterskap.
*d* GS Trooster.
12 *a* GS Dien.
13 *a* L&V 107:91–92.
*b* GS Skool van die Profete.
14 *a* GS Openbaring.
*b* GS Verborgenhede van God.
15 *a* L&V 88:76–80, 118; 93:53.
*b* L&V 107:99–100; 130:18–19.
*c* GS Taal.
17 *a* Rom. 1:16; 2 Ne. 6:13.
*b* L&V 88:121. GS Hoogmoed.
18 *a* L&V 58:26–29. GS Lui, Luiheid.
*b* L&V 38:42.
20 *a* GS Smith, Joseph, Snr.
21 *a* GS Rigdon, Sidney.
22 *a* L&V 84:112–113.
*b* Jakob 2:17–19.
24 *a* GS Ywer.
*b* GS Gebed.
*c* Esra 8:22; Rom. 8:28; L&V 100:15; 122:7–8.

[d]verbond onthou wat julle met mekaar gesluit het.

25 Laat julle [a]families klein wees, veral dié van my bejaarde dienskneg Joseph Smith Snr., met betrekking tot diegene wat nie aan julle families behoort nie;

26 Sodat daardie dinge wat vir julle voorsien word, om my werk teweeg te bring, nie van julle geneem word en gegee word aan diegene wat nie waardig is nie—

27 En julle daardeur verhinder word om daardie dinge uit te voer wat Ek julle gebied het.

28 En verder, voorwaar, Ek sê vir julle, dit is my wil dat my diensmaagd Vienna Jaques geld moet ontvang om haar onkostes te dek, en opgaan na die land Sion;

29 En die res van die geld mag toegewy word aan My, en sy beloon word in my eie bepaalde tyd.

30 Voorwaar Ek sê vir julle, dat dit gepas is in my oë dat sy moet opgaan na die land Sion, en ′n erfenis ontvang van die hand van die biskop;

31 Sodat sy haar in vrede mag vestig in soverre sy getrou is, en nie ledig is in haar dae van daardie tydstip af nie.

32 En kyk, voorwaar Ek sê vir julle, dat julle hierdie gebod sal skryf, en vir julle broers in Sion, in liefdegroete sê, dat Ek julle ook geroep het om te [a]presideer oor Sion in my eie bepaalde tyd.

33 Daarom, laat hulle ophou om My te vermoei aangaande hierdie saak.

34 Kyk, Ek sê vir julle dat julle broers in Sion begin om te bekeer, en die engele verbly hul vanweë hulle.

35 Nietemin, Ek het nie welbehae in vele dinge nie; en Ek het nie welbehae in my dienskneg [a]William E. McLellin nie, nóg met my dienskneg Sidney Gilbert; en ook nie met die biskop nie, en andere het vele dinge om van te bekeer.

36 Maar voorwaar, Ek sê vir julle, dat Ek, die Here, sal stry met [a]Sion, en pleit met haar sterkes, en haar [b]tugtig tot sy oorwin en [c]skoon is voor My.

37 Want sy sal nie verwyder word vanuit haar plek nie. Ek, die Here, het dit gespreek. Amen.

## AFDELING 91

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 9 Maart 1833. Die Profeet was op hierdie stadium besig met die vertaling van die Ou Testament. Toe hy by daardie gedeelte gekom het*

24*d* GS Verbond.
25*a* DI Die armes vir wie Josph Smith Snr. gesorg het.
32*a* L&V 107:91–92.
35*a* L&V 66:1; 75:6–9.
36*a* GS Sion.
*b* GS Kasty, Kastyding.
*c* GS Suiwer, Suiwerheid.

*van die antieke geskrifte wat die Apokriewe genoem word, het hy by die Here navraag gedoen en hierdie aanwysings ontvang.*

*1–3, Die Apokriewe is hoofsaaklik korrek vertaal, maar bevat vele invoegsels deur die hande van mense wat nie waar is nie; 4–6, Dit is tot die voordeel van diegene wat deur die Gees verlig is.*

VOORWAAR, so sê die Here, vir julle aangaande die [a]Apokriewe—Daar is vele dinge daarin vervat wat waar is, en dit is meestal korrek vertaal;

2 Daar is vele dinge vervat daarin wat nie waar is nie, wat invoegsels is deur die hande van mense.

3 Voorwaar, Ek sê vir julle, dat dit nie nodig is dat die Apokriewe vertaal moet word nie.

4 Daarom, wie dit ook al lees, laat hom [a]begryp, want die Gees openbaar waarheid;

5 En wie ook al verlig is deur die [a]Gees sal voordeel verkry daaruit;

6 En wie ook al nie ontvang deur die Gees nie, kan nie voordeel verkry nie. Daarom is dit nie nodig dat dit vertaal moet word nie. Amen.

# AFDELING 92

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 15 Maart 1833. Die openbaring gee Frederick G. Williams, wat onlangs aangestel is as 'n raadgewer vir Joseph Smith, opdrag aangaande sy pligte in die Verenigde Maatskappy (sien die opskrifte van afdelings 78 en 82).*

*1–2, Die Here gee 'n gebod aangaande toelating tot die verenigde orde.*

VOORWAAR, so sê die Here, Ek gee aan die [a]verenigde orde, georganiseer ooreenkomstig die gebod wat voorheen gegee is, 'n openbaring en gebod aangaande my dienskneg Frederick G. Williams, dat julle hom in die orde sal ontvang. Wat Ek vir een sê, sê Ek vir almal.

2 En verder, Ek sê vir jou my dienskneg Frederick G. Williams, jy sal 'n aktiewe lid wees van hierdie orde; en in soverre jy getrou is om al die vorige gebooie te onderhou, sal jy vir ewig geseënd wees. Amen.

**91** 1*a* GS Apokriewe.
4*a* GS Begrip.
5*a* GS Heilige Gees; Inspirasie, Inspireer.
**92** 1*a* L&V 82:11, 15–21. GS Verenigde Orde.

# AFDELING 93

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 6 Mei 1833.*

*1–5, Almal wat getrou is sal die Here sien; 6–18, Johannes het getuienis gelewer dat die Seun van God van genade tot genade gevorder het totdat Hy 'n volheid van die heerlikheid van die Vader ontvang het; 19–20, Getroue mense, wat van genade tot genade voortgaan, sal ook van sy volheid ontvang; 21–22, Diegene wat deur Christus gebore is, is die Kerk van die Eersgeborene; 23–28, Christus het 'n volheid van alle waarheid ontvang en die mens kan deur gehoorsaamheid dit ook ontvang; 29–32, Die mens was in die begin met God; 33–35, Die elemente is ewig, en die mens mag 'n volheid van vreugde ontvang in die Opstanding; 36–37, Die heerlikheid van God is intelligensie; 38–40, Kinders is onskuldig voor God vanweë die verlossing van Christus; 41–53, Die leidinggewende broers word gebied om hulle families in orde te bring.*

VOORWAAR, so sê die Here: Dit sal
gebeur dat elke siel wat sy sondes [a]versaak en na My kom, en
my Naam [b]aanroep, en my stem
[c]gehoorsaam, en my gebooie onderhou, my [d]aangesig sal [e]sien en
weet dat Ek is;
2 En dat Ek die ware [a]lig is wat
elke mens wat die wêreld binnekom, verlig;
3 En dat Ek [a]in die Vader is, en
die Vader in My, en die Vader en
Ek is een—
4 Die Vader [a]omdat hy my van
sy volheid [b]gegee het, en die Seun
omdat Ek in die wêreld was en
[c]vlees my tabernakel gemaak het,
en onder die seuns van mense gewoon het.
5 Ek was in die wêreld en het
ontvang van my Vader, en sy
[a]werke is duidelik geopenbaar.
6 En [a]Johannes het gesien en getuienis gelewer van die volheid
van my [b]heerlikheid, en die volheid van [c]Johannes se verslag
moet hierna geopenbaar word.
7 En hy het getuienis gelewer, en
gesê: Ek het sy heerlikheid gesien,
dat Hy in die [a]begin was, voor die
wêreld was;
8 Daarom, in die begin was die

**93** 1*a* GS Bekeer, Bekering; Waardig, Waardigheid.
*b* Joël 2:32.
*c* GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
*d* JSV 1 Joh. 4:12 (Bylae).
*e* Ex. 33:11; L&V 38:7–8; 67:10–12; 88:68; 101:23; 130:3. GS Trooster.
2*a* Joh. 1:4–9; L&V 14:9; 84:45–47; 88:6–7. GS Lig, Lig van Christus.
3*a* Joh. 10:25–38; 17:20–23; L&V 50:43–45.
4*a* Mosia 15:1–7.
*b* GS Jesus Christus—Gesag.
*c* Lk. 1:26–35; 2:4–14; 3 Ne. 1:12–14; Ether 3:14–16.
5*a* Joh. 5:36; 10:25; 14:10–12.
6*a* Joh. 1:34.
*b* GS Jesus Christus—Heerlikheid van Jesus Christus.
*c* Joh. 20:30–31.
7*a* Joh. 1:1–3, 14; 17:5; L&V 76:39.

[a]Woord, want Hy was die Woord,
naamlik die boodskapper van
heil—
9 Die [a]lig en die [b]Verlosser van
die wêreld; die Gees van waar-
heid, wat in die wêreld gekom
het, omdat die wêreld deur hom
gemaak is, en in Hom was die
lewe en die lig van die mens.
10 Die wêrelde is deur Hom [a]ge-
maak; die mense is deur hom ge-
maak; alle dinge is deur Hom
gemaak, en deur Hom, en van
Hom.
11 En ek, Johannes, lewer ge-
tuienis dat Ek sy heerlikheid aan-
skou het, soos die heerlikheid van
die Eniggeborene van die Vader,
vol genade en waarheid, naamlik
die Gees van waarheid, wat ge-
kom en in die vlees gewoon het,
en onder ons gewoon het.
12 En ek, Johannes, het gesien
dat Hy aanvanklik nie van die
[a]volheid ontvang het nie, maar
[b]genade op genade ontvang het;
13 En Hy het aanvanklik nie die
volheid ontvang nie, maar het vol-
gehou van [a]genade tot genade,
totdat Hy ŉ volheid ontvang het;
14 En daarom is Hy die [a]Seun
van God genoem, omdat Hy
aanvanklik nie van die volheid
ontvang het nie.
15 En ek, [a]Johannes, lewer getuie-
nis, en sien, die hemele is geopen,
en die [b]Heilige Gees het op Hom
neergedaal in die vorm van ŉ
[c]duif, en op Hom gaan sit, en daar
het ŉ stem uit die hemel gekom
wat sê: Dit is my [d]geliefde Seun.
16 En ek, Johannes, lewer ge-
tuienis dat Hy ŉ volheid van die
heerlikheid ontvang het van die
Vader;
17 En hy het [a]alle [b]mag ont-
vang, beide in die hemel en op
die aarde, en die heerlikheid van
die [c]Vader was met Hom, want
Hy het in Hom gewoon.
18 En dit sal gebeur, dat indien
julle getrou is, sal julle die vol-
heid van die verslag van Johan-
nes ontvang.
19 Ek gee aan julle hierdie
woorde sodat julle mag begryp en
weet hoe om te [a]aanbid, en weet
wat julle aanbid, sodat julle tot
die Vader mag kom in my Naam,
en op die bepaalde tyd van sy vol-
heid ontvang.
20 Want indien julle my [a]ge-
booie onderhou, sal julle van sy
[b]volheid ontvang, en [c]verheerlik

8 *a* GS Jehova; Jesus Christus.
9 *a* GS Lig, Lig van Christus.
*b* GS Verlosser.
10 *a* Hebr. 1:1–3; L&V 76:24; Moses 1:31–33.
12 *a* Filip. 2:6–11.
*b* Joh. 1:16–17.
13 *a* Lk. 2:52.
14 *a* Lk. 1:31–35; L&V 6:21.
GS God, Godheid—God die Seun.
15 *a* Joh. 1:29–34.
*b* GS Heilige Gees.
*c* GS Duif, Teken van die.
*d* Matt. 3:16–17.
17 *a* Matt. 28:18; Joh. 17:2; 1 Petr. 3:22.
*b* GS Jesus Christus—Gesag; Krag.
*c* GS God, Godheid—God die Vader.
19 *a* Joh. 4:21–26; 17:3; Hand. 17:22–25. GS Aanbid.
20 *a* L&V 50:28.
*b* Joh. 1:16; L&V 84:36–39.
*c* Joh. 17:4–5, 22. GS Mens die, Mense—Die mens, potensiaal om soos Hemelse Vader te word.

word in My soos Ek is in die Vader; daarom, Ek sê vir julle, julle sal [d]genade op genade ontvang.
21 En nou, voorwaar Ek sê vir
julle, Ek was in die [a]begin met die Vader, en is die [b]Eersgeborene;
22 En al diegene wat deur My
gebore word, is [a]deelgenote van die [b]heerlikheid van dieselfde, en is die kerk van die Eersgeborene.
23 Julle was ook in die begin
[a]met die Vader; dit wat Gees is, naamlik die Gees van waarheid;
24 En [a]waarheid is [b]kennis van
dinge soos hulle is, en soos hulle was, en soos hulle sal wees;
25 En wat ook al [a]meer of min-
der is as dit, is die gees van daardie bose een wat ’n [b]leuenaar was vanaf die begin.
26 Die Gees van [a]waarheid is
van God. Ek is die Gees van waarheid, en Johannes het getuienis gelewer van My, en gesê: Hy het ’n volheid ontvang van waarheid, ja, naamlik van alle waarheid;
27 En geen mens ontvang ’n
[a]volheid tensy hy sy gebooie onderhou nie.
28 Hy wat sy gebooie [a]onder-
hou, ontvang waarheid en [b]lig, totdat hy verheerlik is in waarheid en alle dinge [c]weet.
29 Die mens was ook in die [a]be-
gin met God. [b]Intelligensie, of die lig van waarheid, is nie geskape of gemaak nie, nóg kan dit inderdaad.
30 Alle waarheid is onafhank-
lik in daardie sfeer waarin God dit geplaas het, om selfstandig op te [a]tree, so ook alle intelligensie; anders is daar geen bestaan nie.
31 Kyk, hierin is die [a]hande-
lingsmag van die mens, en hierin is die veroordeling van die mens; omdat dit wat vanaf die begin was, [b]duidelik geopenbaar is aan hulle, en hulle ontvang nie die lig nie.
32 En elkeen wie se gees nie die
[a]lig ontvang nie is onder veroordeling.
33 Want die mens is [a]gees. Die
[b]elemente is ewig, en gees en element, onafskeidbaar verbonde, ontvang ’n volheid van vreugde;
34 En wanneer [a]geskei, kan die

20*d* GS Genade.
21*a* Joh. 1:1–2; 1 Petr. 1:19–20; Moses 4:2.
*b* GS Eersgeborene.
22*a* 1 Petr. 5:1; L&V 133:57.
*b* GS Selestiale Heerlikheid.
23*a* GS Mens die, Mense—Die mens, ’n geesteskind van Hemelse Vader.
24*a* GS Waarheid.
*b* GS Kennis.
25*a* L&V 20:35.
*b* Joh. 8:44; 2 Ne. 2:18; Moses 4:4.
26*a* Joh. 14:6.
27*a* GS Volmaak.
28*a* GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
*b* L&V 50:24; 84:45. GS Lig, Lig van Christus.
*c* Joh. 17:3; L&V 88:49, 67.
29*a* Abr. 3:18. GS Mens die, Mense; Vooraardse Lewe.
*b* GS Intelligensie, Intelligensies.
30*a* 2 Ne. 2:13–27.
31*a* GS Handelingsmag.
*b* Deut. 30:11–14; L&V 84:23–24.
32*a* GS Lig, Lig van Christus; Waarheid.
33*a* L&V 77:2; Abr. 5:7–8. GS Mens die, Mense—Die mens, ’n geesteskind van Hemelse Vader.
*b* L&V 131:7–8; 138:17. GS Opstanding.
34*a* 2 Ne. 9:8–10.

mens nie ʼn volheid van [b]vreugde ontvang nie.
35 Die [a]elemente is die tabernakel van God; ja die mens is die tabernakel van God, naamlik [b]tempels; en welke tempel ook al verontreinig word, sal God daardie tempel vernietig.
36 Die [a]heerlikheid van God is [b]intelligensie, of, met ander woorde, [c]lig en waarheid.
37 Lig en waarheid versaak daardie [a]bose een.
38 Elke gees van die mens was [a]onskuldig in die begin; en omdat God die mens [b]gered het van die [c]val, het die mens weer, in hul kinderlike toestand, [d]onskuldig voor God geword.
39 En daardie bose een kom en [a]neem die lig en waarheid weg, deur ongehoorsaamheid, van die kinders van mense, en vanweë die [b]oorlewerings van hulle vaders.
40 Maar Ek het julle gebied om julle [a]kinders groot te maak in lig en waarheid.
41 Maar voorwaar Ek sê vir jou, my dienskneg Frederick G. Williams, jy het voortgegaan onder hierdie veroordeling;
42 Jy het nie jou kinders lig en waarheid [a]geleer, volgens die gebooie nie; en daardie bose een het mag oor jou, soos tans, en dit is die oorsaak van jou ellende.
43 En nou, ʼn gebod gee Ek aan jou—indien jy verlos wil wees, sal jy jou eie huis in [a]orde bring, want daar is vele dinge wat nie reg is in jou huis nie.
44 Voorwaar, Ek sê vir my dienskneg Sidney Rigdon, dat in sommige dinge het hy nie die gebooie onderhou aangaande sy kinders nie; daarom, bring eers jou huis in orde.
45 Voorwaar, Ek sê vir my dienskneg Joseph Smith, Jr., of met ander woorde, Ek sal julle [a]vriende noem, want julle is my vriende, en julle sal ʼn erfenis met My hê—
46 Ek het julle [a]diensknegte genoem vir die wêreld se ontwil, en julle is hulle diensknegte om My ontwil—
47 En nou, voorwaar, Ek sê vir Joseph Smith, Jr.,—Jy het nie die gebooie onderhou nie, en moet noodwendig [a]bestraf word voor die Here;
48 Jou [a]familie moet noodwen-

34*b* GS Vreugde.
35*a* L&V 130:22.
*b* 1 Kor. 3:16–17.
36*a* GS Heerlikheid; Jesus Christus—Heerlikheid van Jesus Christus.
*b* L&V 130:18–19; Abr. 3:19. GS Intelligensie, Intelligensies.
*c* L&V 88:6–13.
37*a* Moses 1:12–16. GS Duiwel.
38*a* GS Onskuld, Onskuldig.
*b* Mosia 27:24–26; Moses 5:9; Gel. Art. 1:3. GS Verlos, Verlossing.
*c* GS Val van Adam en Eva.
*d* Moro. 8:8, 12, 22; L&V 29:46–47. GS Heil—Heil van kinders.
39*a* Matt. 13:18–19; 2 Kor. 4:3–4; Alma 12:9–11.
*b* Eség. 20:18–19; Alma 3:8. GS Oorlewering.
40*a* GS Gesin—Ouers se verantwoordelikhede.
42*a* 1 Sam. 3:11–13; L&V 68:25–31.
43*a* 1 Tim. 3:4–5.
45*a* L&V 84:63; 88:62.
46*a* Lev. 25:55; 1 Ne. 21:3–8. GS Diens.
47*a* L&V 95:1–2. GS Kasty, Kastyding.
48*a* GS Gesin—ʼn Kind se verantwoordelikhede.

dig bekeer en sommige dinge versaak, en meer getrou gehoor gee aan jou woorde, of uit hulle plek verwyder word.

49 Wat Ek aan een sê, sê Ek aan almal; [a]bid altyd sodat daardie bose een nie mag het in jou nie, en jou uit jou plek verwyder nie.

50 My dienskneg Newel K. Whitney, 'n biskop van my kerk, het ook nodig om getugtig te word, en sy familie in orde te bring, en toe te sien dat hulle meer ywerig en betrokke tuis is, en altyddeur bid, of hulle sal verwyder word uit hulle [a]plek.

51 Nou, sê Ek vir julle my vriende, laat my dienskneg Sidney Rigdon sy reis onderneem, en hom haas, en ook die [a]aanvaarbare jaar van die Here verkondig, en die evangelie van heil, soos Ek hom sal gee om te spreek; en vanweë julle gebed van geloof in eensgesindheid, sal Ek hom ondersteun.

52 En laat my diensknegte Joseph Smith, Jr., en Frederick G. Williams hulle ook haas, en dit sal aan hulle gegee word, en wel deur die gebed van geloof; en in soverre julle my woorde onderhou, sal julle nie vernietig word in hierdie wêreld nie, nóg in die komende wêreld.

53 En voorwaar, Ek sê vir julle, dat dit my wil is dat julle jul moet haas om my skrifture te [a]vertaal, en om 'n [b]kennis te [c]verkry van geskiedenis, en van lande, en van koninkryke, van wette van God en die mens, en dit alles vir die heil van Sion. Amen.

# AFDELING 94

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 2 Augustus 1833. Hyrum Smith, Reynolds Cahoon, en Jared Carter word aangestel as 'n Kerkboukomitee.*

*1–9, Die Here gee 'n gebod met betrekking tot die oprigting van 'n huis vir die werk van die Presidensie; 10–12, 'n Drukkery moet gebou word; 13–17, Sekere erfenisse word toegewys.*

En verder, voorwaar Ek sê vir julle, my [a]vriende, 'n gebod gee Ek aan julle, dat julle 'n werk sal begin van die uitlê en voorbereiding vir 'n begin en die fondament van die stad van die [b]pen van Sion, hier in die land Kirtland, beginnende by my huis.

2 En kyk, dit moet gedoen word ooreenkomstig die [a]patroon wat Ek aan julle gegee het.

49*a* 3 Ne. 18:15–21.
50*a* L&V 64:40.
51*a* Lk. 4:19.
53*a* GS Joseph Smith Vertaling (JSV).
*b* GS Kennis.
*c* L&V 88:76–80, 118.
**94** 1*a* L&V 93:45.
*b* GS Pen.
2*a* L&V 52:14–15.

3 En laat die eerste perseel aan die suidekant toegewy word aan My vir die bou van ′n huis vir die presidensie, vir die werk van die presidensie, om openbarings te verkry; en vir die werk van die bediening van die [a]presidensie, in alle dinge betreffende die kerk en koninkryk.

4 Voorwaar Ek sê vir julle dat dit vyf en vyftig by vyf en sestig voet gebou sal word in die breedte daarvan en in die lengte daarvan, in die binnehof.

5 En daar sal ′n laer saal en ′n hoër saal wees, ooreenkomstig die patroon wat hierna aan julle gegee sal word.

6 En dit sal toegewy word aan die Here vanaf die fondament daarvan, volgens die orde van die priesterskap, volgens die patroon wat hierna aan julle gegee sal word.

7 En dit sal geheel toegewy word aan die Here vir die werk van die presidensie.

8 En julle sal nie enige [a]onrein ding toelaat om dit binne te kom nie; en my [b]heerlikheid sal daar wees, en my teenwoordigheid sal daar wees.

9 Maar indien [a]iets onrein daar binnegaan, sal my heerlikheid nie daar wees nie; en my teenwoordigheid sal dit nie binnekom nie.

10 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, die tweede perseel aan die suidekant sal toegewy word aan My vir die bou vir ′n huis vir My, vir die werk van die [a]druk van die [b]vertaling van my skrifture, en alle dinge wat ook al Ek julle sal gebied.

11 En dit sal vyf en vyftig by vyf en sestig voet wees in die wydte daarvan en die lengte daarvan, in die binnehof; en daar sal ′n laer en ′n hoër saal wees.

12 En hierdie huis sal geheel toegewy word aan die Here vanaf die fondament daarvan, vir die drukwerk, in alle dinge wat Ek ook al julle sal gebied, om heilig te wees, onbevlek, volgens die patroon in alle dinge soos dit aan julle gegee sal word.

13 En op die derde perseel sal my dienskneg Hyrum Smith sy erfenis ontvang.

14 En op die eerste en tweede persele aan die noordekant sal my diensknegte Reynolds Cahoon en Jared Carter hulle erfenisse ontvang—

15 Sodat hulle die werk mag doen wat Ek aan hulle gegee het om ′n komitee te wees om my huise te bou, volgens die gebod wat Ek die Here God, aan julle gegee het.

16 Hierdie twee huise moet nie gebou word totdat Ek aan julle ′n gebod gee aangaande hulle nie.

17 En nou gee Ek niks meer aan julle op hierdie tydstip nie. Amen.

---

3*a* L&V 107:9, 22.
8*a* Lk. 19:45–46; L&V 109:16–20.
*b* 1 Kon. 8:10–11. GS Heerlikheid.
9*a* L&V 97:15–17.
10*a* L&V 104:58–59.
*b* GS Joseph Smith Vertaling (JSV).

# AFDELING 95

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 1 Junie 1833. Hierdie openbaring is 'n voortsetting van goddelike opdragte om 'n huis te bou vir aanbidding en onderrig, die huis van die Here (sien afdeling 88:119–136).*

*1–6, Die Heiliges word getugtig omdat hulle gefaal het om die huis van die Here te bou; 7–10, Die Here wil sy huis gebruik om sy volk te begiftig met mag van omhoog; 11–17, Die huis moet toegewy word as 'n plek van aanbidding en vir die skool van die Apostels.*

Voorwaar, so sê die Here vir
julle wat Ek liefhet, en diegene
wat Ek liefhet, [a]tugtig Ek ook so-
dat hulle sondes [b]vergewe mag
word, want met die tugtiging be-
rei Ek 'n weg voor vir hul [c]verlos-
sing aangaande alle dinge vanuit
[d]versoeking, en Ek het julle lief-
gehad—
2 Daarom, julle moet noodwen-
dig getugtig word en berispe
staan voor my aangesig;
3 Want julle het 'n baie ernstige
sonde teen My gesondig, deurdat
julle nie die groot gebod in alle
dinge in ag geneem het nie, wat
Ek aan julle gegee het aangaande
die bou van my [a]huis;
4 Want die voorbereiding waar-
mee Ek beplan om my apostels
voor te berei om my wingerd vir
die laaste maal te [a]snoei, sodat Ek
my [b]vreemde daad teweeg mag
bring, sodat Ek my gees mag [c]uit-
stort op alle vlees—
5 Maar kyk, voorwaar Ek sê vir
julle, dat daar vele is wat geordi-
neer is onder julle, wat Ek geroep
het, maar min van hulle is [a]gekies.
6 Hulle wat nie gekies is nie, het
'n baie ernstige sonde gesondig,
deurdat hulle in die [a]duisternis
wandel in die middag.
7 En om hierdie rede het Ek aan
julle 'n gebod gegee dat julle jul
[a]plegtige samekoms moet belê so-
dat julle [b]vas en julle berou mag
opstyg tot in die ore van die Here
van [c]Sebaot, wat, as dit vertolk
word, die [d]skepper van die eerste
dag is, die begin en die einde.

---

**95** 1*a* Deut. 11:1–8; Spr. 13:18; Hebr. 12:5–11; Hel. 15:3; L&V 101:4–5; 105:6. GS Kasty, Kastyding.
*b* GS Vergewe.
*c* 1 Kor. 10:13.
*d* GS Versoek, Versoeking.
3*a* Hag. 1:7–11; L&V 88:119. GS Tempel, Huis van die Here.
4*a* Jakob 5:61–75; L&V 24:19; 33:3–4. GS Wingerd van die Here.
*b* Jes. 28:21; L&V 101:95.
*c* Spr. 1:23; Joël 2:28; L&V 19:38. GS Gawes van die Gees; Heilige Gees.
5*a* Matt. 20:16; L&V 105:35–37; 121:34–40. GS Verkiesing.
6*a* GS Duisternis, Geestelike.
7*a* L&V 88:70, 74–82, 117–120.
*b* GS Vas.
*c* GS Jehova.
*d* GS Skep, Skepping.

8 Ja, voorwaar Ek sê vir julle, Ek
het aan julle ′n gebod gegee dat
julle ′n huis moet bou, in welke
huis Ek van plan is om diegene
wat Ek gekies het te [a]begiftig met
mag van omhoog;
9 Want dit is die [a]belofte van die
Vader aan julle; daarom gebied Ek
julle om te vertoef, net soos my
apostels in Jerusalem.
10 Nietemin, my diensknegte
het ′n ernstige sonde gesondig; en
[a]twiste het ontstaan in die [b]skool
van die profete; wat vir my baie
bedroewend was, sê julle Here;
daarom het Ek hulle weggestuur
om getugtig te word.
11 Voorwaar Ek sê vir julle, dit
is my wil dat julle ′n huis moet
bou. Indien julle my gebooie onderhou,
sal julle die krag hê om
dit te bou.
12 Indien julle nie my gebooie
[a]onderhou nie, sal die [b]liefde van
die Vader nie voortduur in julle
nie, daarom sal julle in die duisternis
wandel.
13 Nou hier is wysheid, en die
wil van die Here—laat die huis
gebou word, nie volgens die wyse
van die wêreld nie, want Ek gee
nie aan julle dat jul sal lewe volgens
die wyse van die wêreld nie;
14 Daarom, laat dit gebou word
volgens die wyse wat Ek aan
drie van julle sal toon, wat julle
sal aanstel en ordineer tot hierdie
mag.
15 En die grootte daarvan sal vyf
en vyftig voet in wydte wees, en
laat dit vyf en sestig voet in lengte
wees, in die binnehof daarvan.
16 En laat die laer deel van die
binnehof aan My toegewy word
vir julle nagmaaloffer, en vir julle
prediking, en julle vaste, en julle
gebede, en die [a]voorlê van julle
heiligste begeertes aan My, sê
julle Here.
17 En laat die hoër deel van die
binnehof toegewy word aan My
vir die skool van my apostels, sê
die Seun [a]Ahman; of, met ander
woorde, Alphus; of, met ander
woorde, Omegus; naamlik Jesus
Christus julle [b]Here. Amen.

## AFDELING 96

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet, wat die orde van die stad of pen van Sion te Kirtland, Ohio uiteensit, 4 Junie 1833, as ′n voorbeeld aan die Heiliges in Kirtland. Die geleentheid was ′n konferensie van hoëpriesters en die hoofonderwerp van bespreking was die oordrag van sekere grond, bekend as die French-plaas, wat deur die Kerk besit is naby Kirtland. Aangesien die konferensie nie kon*

8*a* L&V 38:32; 39:15; 43:16; 110:9–10. GS Begiftiging.
9*a* Lk. 24:49.
10*a* GS Twis.
*b* GS Skool van die Profete.
12*a* Joh. 15:10.
*b* 1 Joh. 2:10, 15.
16*a* L&V 59:9–14.
17*a* L&V 78:20.
*b* GS Here.

*ooreenstem oor wie beheer van die plaas sou neem nie, het almal ooreengestem om die Here te nader aangaande die saak.*

*1, Die Kirtland Pen van Sion moet sterk gemaak word; 2–5, Die biskop moet die erfenisse onder die Heiliges verdeel; 6–9, John Johnson moet ʼn lid word van die verenigde orde.*

KYK, Ek sê vir julle, hier is wysheid, waardeur julle mag weet hoe om op te tree aangaande hierdie saak, want dit is raadsaam in My dat hierdie [a]pen wat Ek gevestig het vir die sterkte van Sion, sterk gemaak moet word.

2 Daarom, laat my dienskneg Newel K. Whitney beheer neem van die plek wat onder julle genoem is, waarop Ek beplan om my heilige huis te bou.

3 En verder, laat dit in persele verdeel word, volgens wysheid, tot die voordeel van diegene wat erfenisse soek, soos dit deur raadsbesluit onder julle bepaal sal word.

4 Daarom, sien toe dat julle omsien na hierdie saak, en daardie gedeelte wat noodsaaklik is vir die voordeel van my [a]orde, vir die doel om my woord voort te bring aan die kinders van mense.

5 Want kyk, voorwaar Ek sê vir julle, dit is die wenslikste vir My, dat my woord moet uitgaan na die kinders van mense, met die doel om die harte van die kinders van mense te versag vir julle beswil. Dit is so. Amen.

6 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, dit is wysheid en raadsaam in My, dat my dienskneg John Johnson wie se offerande Ek aanvaar het, en wie se gebede Ek gehoor het, aan wie Ek ʼn belofte van die ewige lewe gee in soverre hy my gebooie onderhou van nou af—

7 Want hy is ʼn afstammeling van [a]Josef en ʼn deelhebber van die seëninge van die belofte wat gemaak is aan sy vaders—

8 Voorwaar Ek sê vir julle, dit is raadsaam in My dat hy ʼn lid sal word van die orde, sodat hy mag help om my woord voort te bring aan die kinders van mense.

9 Daarom sal julle hom ordineer tot hierdie seëning, en hy sal ywerig soek om belemmerings wat op die huis is wat genoem is deur julle, weg te neem, sodat hy daarin mag woon. Dit is so. Amen.

## AFDELING 97

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 2 Augustus 1833. Hierdie openbaring handel spesifiek oor die sake*

**96** 1*a* Jes. 33:20; 54:2. GS Pen.

4*a* L&V 78:3–4. GS Verenigde Orde.

7*a* GS Josef, Seun van Jakob.

*van die Heiliges in Sion, Jackson-distrik, Missouri, in antwoord op die Profeet se navraag by die Here oor inligting. Lede van die Kerk in Missouri was op hierdie tydstip onderworpe aan hewige vervolging en was, op 23 Julie 1833, genoodsaak om ’n ooreenkoms te onderteken om die Jackson-distrik te verlaat.*

*1–2, Talle van die Heiliges in Sion (Jackson-distrik, Missouri) word geseën vanweë hulle getrouheid; 3–5, Parley P. Pratt word geprys vir sy arbeid in die skool in Sion; 6–9, Diegene wat hul verbonde onderhou, word aanvaar deur die Here; 10–17, ’n Huis moet gebou word in Sion waarin die reines van hart God sal sien; 18–21, Sion is die reines van hart; 22–28, Sion sal die Here se gésel ontwyk as sy getrou is.*

VOORWAAR Ek sê vir julle my vriende, Ek spreek met julle met my stem, naamlik die stem van my Gees, sodat Ek aan julle my wil mag toon aangaande julle broers in die land [a]Sion, talle van wie waarlik nederig is en ywerig soek om wysheid te leer en om die waarheid te vind.
2 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, geseënd is diegene, want hulle sal verkry; want Ek, die Here, toon barmhartigheid aan al die [a]sagmoediges, en teenoor almal wie Ek ook al wil, sodat Ek geregverdig mag wees wanneer Ek hulle tot oordeel sal bring.
3 Kyk, Ek sê vir julle, aangaande die [a]skool in Sion, Ek, die Here, het ’n welbehae dat daar ’n skool in Sion moet wees, en ook met my dienskneg [b]Parley P. Pratt, want hy bly in My.
4 En in soverre hy voortgaan om in My te bly, sal hy voortgaan om te presideer oor die skool in die land Sion totdat Ek aan hom ander gebooie sal gee.
5 En Ek sal hom seën met ’n menigvuldigheid van seëninge in die uitlegging van alle skrifture en verborgenhede ter opbouing van die skool, en van die kerk in Sion.
6 En aan die res van die skool, is Ek, die Here, gewillig om barmhartigheid te betoon; nietemin, daar is diegene wat noodwendig [a]getugtig moet word, en hulle werke sal bekendgemaak word.
7 Die [a]byl word teen die wortel van die bome gelê; en elke boom wat nie goeie [b]vrugte voortbring nie, sal afgekap word en in die vuur gewerp word. Ek, die Here, het dit gespreek.
8 Voorwaar, Ek sê vir julle, al diegene onder hulle wat hulle [a]harte ken is [b]eerlik, en is gebroke, en hulle geeste verslae, en is [c]gewillig om hul verbonde te onderhou deur te [d]offer—ja, elke opoffering

**97** 1*a* GS Sion.
2*a* Matt. 5:5; Mosia 3:19.
3*a* GS Skool van die Profete.
*b* GS Pratt, Parley Parker.
6*a* GS Kasty, Kastyding.
7*a* Matt. 3:10.
*b* Lk. 6:43–45; Alma 5:36, 52; 3 Ne. 14:15–20.
8*a* GS Gebroke Hart.
*b* GS Eerlik, Eerlikheid.
*c* L&V 64:34.
*d* GS Opoffer.

wat Ek, die Here, sal gebied—
hulle word [e]ontvang deur My.
9 Want Ek, die Here, sal hulle
laat voortbring net soos ’n baie
vrugbare boom wat geplant is
in ’n goeie land, by ’n suiwer
stroom, wat veel kosbare vrugte
oplewer.
10 Voorwaar Ek sê vir julle, dat
dit my wil is dat ’n [a]huis gebou
moet word vir My in die land
Sion, volgens die [b]voorbeeld wat
Ek julle gegee het.
11 Ja, laat dit spoedig gebou
word, deur die tiendeheffing van
my volk.
12 Kyk, dit is die [a]tiende en die
offer wat Ek die Here, van hulle
hande vereis, sodat daar ’n [b]huis
gebou mag word vir My vir die
heil van Sion—
13 Vir ’n plek van [a]danksegging
vir alle heiliges, en vir ’n plek van
onderrig vir al diegene wat ge-
roep word tot die werk van die
bediening in al hulle onderskeie
roepings en ampte.
14 Sodat hulle vervolmaak mag
word in die [a]begrip van hulle be-
diening, in teorie, in beginsel, en
in leer, in alle dinge betreffende
die [b]koninkryk van God op die
aarde, die [c]sleutels van welke ko-
ninkryk aan julle toegeken is.
15 En in soverre my volk ’n huis
bou vir My in die Naam van die
Here, en nie toelaat dat [a]enigiets
onrein daar binnekom nie, dat dit
nie verontreinig word nie, sal my
[b]heerlikheid daarop heers;
16 Ja, en my [a]teenwoordigheid
sal daar wees, want Ek sal daar
ingaan, en al die [b]reines van hart
wat daar sal ingaan, sal God sien.
17 Maar indien dit verontreinig
word, sal Ek nie daar ingaan nie,
en my heerlikheid sal nie daar
wees nie; want Ek sal nie in on-
heilige tempels ingaan nie.
18 En nou, kyk, indien Sion hier-
die dinge doen, sal sy [a]voorspoe-
dig wees, en haarself versprei en
baie heerlik word, baie groot en
baie vreeslik.
19 En die [a]nasies van die aarde
sal haar eer, en sal sê: Sekerlik is
[b]Sion die stad van ons God en se-
kerlik kan Sion nie val nie, nóg
beweeg word uit haar plek, want
God is daar, en die hand van die
Here is daar;
20 En Hy het deur die krag van
sy mag gesweer om haar redding
en haar hoë [a]toring te wees.
21 Daarom, voorwaar, so sê
die Here, laat Sion haar ver-
bly, want dit is [a]Sion—DIE REI-
NES VAN HART; daarom, laat Sion

8 *e* L&V 52:15; 132:50.
10 *a* L&V 57:3; 88:119; 124:51.
*b* L&V 115:14–16.
12 *a* GS Tiende, Tiendes.
*b* GS Tempel, Huis van die Here.
13 *a* GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
14 *a* GS Begrip.
*b* GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
*c* GS Sleutels van die Priesterskap.
15 *a* L&V 94:9; 109:20–21.
*b* Hag. 2:7; L&V 84:5.
16 *a* L&V 110:1–10.
*b* Matt. 5:8; L&V 67:10–13; 88:68.
GS Suiwer, Suiwerheid.
18 *a* L&V 90:24; 100:15.
19 *a* Jes. 60:14; Sag. 2:10–12; L&V 45:66–70; 49:10.
*b* GS Nuwe Jerusalem.
20 *a* 2 Sam. 22:3.
21 *a* Moses 7:18. GS Sion; Suiwer, Suiwerheid.

haar verbly, terwyl al die bose sal
treur.
22 Want kyk, en sien, [a]wraak
kom spoediglik oor die godde-
lose soos die warrelwind; en wie
sal dit ontkom?
23 Die Here se [a]gésel sal deur-
trek by dag en by nag, en die
gerug daarvan sal alle volke ver-
skrik; ja, dit sal nie teruggehou
word tot die Here kom nie;
24 Want die verontwaardiging
van die Here is ontvlam teen
hulle gruwels en al hulle godde-
lose werke.
25 Nietemin, Sion sal [a]ontvlug
indien sy al die dinge onderhou
wat Ek haar ook al gebied het.
26 Maar as sy dit nie onderhou
wat Ek haar gebied het nie, sal
Ek haar [a]besoek volgens al haar
werke, met sware verdrukkings,
met die [b]pes, met plae, met die
swaard, met [c]wraak, met [d]verte-
rende vuur.
27 Nietemin, laat dit hierdie een
keer gelees word in haar ore, dat
Ek, die Here, haar offerande aan-
geneem het; en indien sy nie meer
sondig nie, sal [a]geen van hierdie
dinge oor haar kom nie.
28 En Ek sal haar [a]seën met seë-
ninge, en 'n menigvuldigheid
van seëninge oor haar vermenig-
vuldig, en op haar nageslagte vir
ewig en ewig, sê die Here julle
God. Amen.

## AFDELING 98

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 6 Augustus 1833. Hierdie openbaring het gekom as gevolg van die vervolging van die Heiliges in Missouri. Toenemende vestiging van Kerklede in Missouri het sommige setlaars bekommer wat bedreig gevoel het deur die Heiliges se getalle, politiese en ekonomiese invloed, en kulturele en godsdienstige verskille. In Julie 1833, het 'n bende Kerkeiendom vernietig, twee Kerklede geteer en geveer, en geëis dat die Heiliges Jackson-distrik verlaat. Alhoewel sekere nuus oor die probleme in Missouri ongetwyfeld die Profeet in Kirtland bereik het (1440 kilometer daarvandaan), kon die erns van die situasie slegs aan hom bekend gewees het op hierdie tydstip deur openbaring.*

*1–3, Die verdrukkings van die Heiliges sal tot hulle voordeel strek; 4–8, Die Heiliges moet die grondwet van die land ondersteun; 9–10,*

22*a* GS Wraak.
23*a* Jes. 28:14–19; L&V 45:31.
25*a* 2 Ne. 6:13–18; L&V 63:34; JS—M 1:20.
26*a* L&V 84:54–59.
*b* Lk. 21:10–13.
*c* Mal. 4:1–3; 3 Ne. 21:20–21.
*d* Joël 1:15–20.
27*a* Eség. 18:27.
28*a* GS Seën, Geseënd, Seëning.

*Eerlike, wyse en goeie mense moet ondersteun word vir wêreldlike regering; 11–15, Diegene wat hulle lewens neerlê vir die Here se saak, sal die ewige lewe hê; 16–18, Verwerp oorlog en verkondig vrede; 19–22, Die Heiliges in Kirtland word vermaan en gebied om te bekeer; 23–32, Die Here openbaar sy wette met betrekking tot die vervolgings en verdrukkings wat op sy volk neergekom het; 33–38, Oorlog is slegs geregverdig wanneer die Here dit gebied; 39–48, Die Heiliges moet hulle vyande vergewe, wat, indien hulle bekeer, ook die Here se wraak sal ontvlug.*

VOORWAAR Ek sê vir julle my vriende, [a]vrees nie, laat julle harte vertroos word; ja, verbly julle altyddeur, en gee [b]dank in alles;

2 Terwyl julle geduldig [a]wag op die Here, want julle gebede het die ore binnegedring van die Here van Sebaot, en is opgeteken met hierdie seël en testament—die Here het gesweer en beveel dat hulle toegestaan sal word.

3 Daarom, Hy gee hierdie belofte aan julle, met 'n onveranderlike verbond dat hulle vervul sal word; en alle dinge waarmee julle [a]verdruk is, sal saamwerk tot julle voordeel, en tot die heerlikheid van my Naam, sê die Here.

4 En nou, voorwaar, Ek sê vir julle aangaande die wette van die land, dit is my wil dat my volk al die dinge moet onderhou wat Ek hulle ook al gebied.

5 En daardie [a]wet van die land wat [b]grondwetlik is, wat daardie beginsel van vryheid ondersteun in die handhawing van regte en voorregte, behoort aan die ganse mensdom, en is regverdigbaar voor my.

6 Daarom, Ek, die Here, regverdig julle, en julle broers van my kerk, om daardie wet te ondersteun wat die grondwet van die land is;

7 En betreffende die wet van die mens, wat ook al meer of minder as dit is, kom van die bose.

8 Ek, die Here God, maak julle [a]vry, daarom is julle inderdaad vry; en die wet maak julle ook vry.

9 Nietemin, wanneer die [a]bose heers, treur die volk.

10 Daarom, [a]eerlike mense en wyse mense moet ywerig gesoek word, en goeie mense en wyse mense moet julle poog om te ondersteun; andersins, wat ook al minder is as dit, kom van die bose.

11 En Ek gee aan julle 'n gebod, dat julle alle boosheid sal versaak en alles wat goed is aankleef, dat julle sal lewe volgens elke [a]woord

**98** 1*a* L&V 68:6.
*b* GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
2*a* Ps. 27:14; Jes. 30:18–19; L&V 133:45.
3*a* L&V 122:7. GS Teenstand.
5*a* 1 Petr. 2:13–14; L&V 58:21; 134:5.
*b* L&V 101:77–80; 109:54. GS Grondwet; Vry, Vryheid.
8*a* Joh. 8:32; 2 Kor. 3:17. GS Handelingsmag; Vry, Vryheid.
9*a* Spr. 29:2.
10*a* GS Eerlik, Eerlikheid.
11*a* Deut. 8:3; Matt. 4:4; L&V 84:43–44.

wat uitgaan vanuit die mond van God.

12 Want Hy sal aan die getroues reël op reël [a]gee, beginsel op beginsel; en Ek sal julle toets en hiermee [b]beproef.

13 En wie ook al sy lewe [a]neerlê om my ontwil, om my Naam se ontwil sal dit weer vind, en wel die ewige lewe.

14 Daarom, wees nie [a]bevrees oor julle vyande nie, want Ek het besluit in my hart, sê die Here, dat Ek julle in alle dinge sal [b]beproef, of julle in my verbond sal bly, selfs tot die [c]dood, sodat julle waardig bevind mag word.

15 Want as julle nie in my verbond sal bly nie, is julle nie waardig vir My nie.

16 Daarom, [a]verwerp [b]oorlog en verkondig [c]vrede, en soek ywerig om die harte van die kinders na hulle vaders te [d]keer, en die harte van die vaders na die kinders;

17 En verder, die harte van die [a]Jode na die profete, en die profete na die Jode; sodat Ek nie kom en die hele aarde tref met ′n vloek nie, en alle vlees voor My verteer word.

18 Laat nie julle harte ontsteld word nie; want in my Vader se huis is [a]baie wonings, en Ek het ′n plek vir julle berei; en waar my Vader en Ek is, daar sal julle ook wees.

19 Kyk, Ek, die Here het nie ′n welbehae in vele wat in die kerk is te Kirtland nie;

20 Want hulle versaak nie hulle sondes, en hulle goddelose weë, die hoogmoed van hulle harte, en hul hebsug nie, en al hul verfoeilike dinge, en onderhou nie die woorde van wysheid en die ewige lewe wat Ek aan hulle gegee het nie.

21 Voorwaar Ek sê vir julle, dat Ek, die Here, hulle sal [a]kasty en sal doen wat Ek ook al wil, as hulle nie bekeer en alle dinge onderhou wat Ek aan hulle gesê het nie.

22 En verder Ek sê vir julle, as julle [a]onderhou wat Ek julle ook al gebied, sal Ek, die Here, alle toorn en verontwaardiging van julle wegkeer, en die [b]poorte van die hel sal nie oor julle seëvier nie.

23 Nou spreek Ek tot julle aangaande julle families—indien mense julle, of julle families eenkeer sal [a]slaan, en julle verdra dit geduldig en vaar nie uit teen hulle nie, nóg wraak soek, sal julle beloon word;

---

12*a* Jes. 28:10; L&V 42:61.
*b* Abr. 3:25–26.
13*a* Lk. 9:24; L&V 101:35–38; 103:27–28. GS Martelaar, Martelaarskap.
14*a* Neh. 4:14; L&V 122:9.
*b* L&V 124:55.
*c* Openb. 2:10; L&V 136:31, 39.
16*a* Alma 48:14. GS Vredemaker.
*b* GS Oorlog.
*c* GS Vrede.
*d* Mal. 4:5–6; L&V 2:1–2.
17*a* GS Jode.
18*a* Joh. 14:2; L&V 59:2; 76:111; 81:6.
21*a* Mosia 23:21; Hel. 12:3. GS Kasty, Kastyding.
22*a* GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
*b* Matt. 16:17–18; L&V 33:12–13.
23*a* Lk. 6:29; Alma 43:46–47. GS Vervolg, Vervolging.

24 Maar as julle dit nie geduldig verdra nie, sal dit gereken word tot julle as synde ′n regverdige maat wat aan julle [a]uitgemeet word.

25 En verder, indien julle vyand julle ′n tweede keer sal slaan, en julle nie uitvaar teen julle vyande nie, en dit geduldig verdra, sal julle beloning ′n honderdvoudig wees.

26 En verder, indien hy julle die derde keer sal slaan, en julle verdra dit [a]geduldig, sal julle beloning viervoudig aan julle verdubbel word;

27 En hierdie drie getuienisse sal staan teen julle vyand indien hy nie bekeer nie, en sal nie uitgewis word nie.

28 En nou, voorwaar Ek sê vir julle, indien daardie vyand my wraak sal ontvlug, dat hy nie in oordeel voor My gebring word nie, dan sal julle toesien dat julle hom in my Naam [a]waarsku, sodat hy nie meer teen julle opkom nie, nóg op julle families, tot julle kinders se kinders tot die derde en vierde geslag.

29 En dan, indien hy sal opkom teen julle of julle kinders, of julle kinders se kinders tot die derde en vierde geslag, het Ek julle vyand oorgelewer in julle hande;

30 En dan, indien julle hom wil spaar, sal julle beloon word vir julle regverdigheid; en ook julle kinders en julle kinders se kinders tot die derde en vierde geslag.

31 Nietemin, jou vyand is in jou hande; en indien jy hom beloon ooreenkomstig sy werke, is jy geregverdig; indien hy jou lewe gesoek het, en jou lewe in gevaar gestel word deur hom, is jou vyand in jou hande en jy is geregverdig.

32 Kyk, dit is die wet wat Ek aan my dienskneg Nefi gegee het, en julle [a]vaders Josef, en Jakob, en Isak, en Abraham, en al my profete en apostels van ouds.

33 En verder, dit is die [a]wet wat Ek aan my volk van ouds gegee het, dat hulle nie in die stryd moes uitgaan teen enige nasie, stam, taal of volk nie, tensy Ek, die Here, hulle gebied het.

34 En indien enige nasie, taal, of volk oorlog sou verklaar teen hulle, moet hulle eers ′n vaandel van [a]vrede ophef tot daardie volk, nasie, of taal;

35 En indien daardie volk nie die aanbod van vrede aanvaar het nie, nóg die tweede, nóg die derde keer, moet hulle hierdie getuienisse voor die Here bring;

36 Dan sal Ek, die Here, aan hulle ′n gebod gee, en regverdig hulle om uit te gaan in stryd teen daardie nasie, taal, of volk.

37 En Ek, die Here, sal hulle veldslae [a]veg, en hulle kinders se veldslae, en hulle kinders se kinders s′n, tot hulle hulself gewreek het op al hulle vyande, tot die derde en vierde geslag.

---

24*a* Matt. 7:1–2.
26*a* GS Geduld.
28*a* GS Waarsku, Waarskuwing.
32*a* L&V 27:10.
33*a* Deut. 20:10; Alma 48:14–16.
34*a* L&V 105:38–41.
37*a* Jos. 23:10; Jes. 49:25.

38 Kyk, dit is ′n voorbeeld vir alle volke, sê die Here julle God, vir regverdigmaking voor My.

39 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, indien jou vyand na die eerste keer opgekom het teen jou, bekeer en biddend om vergifnis na jou kom, sal jy hom vergewe, en sal dit nie meer as ′n getuienis teen jou vyand hou nie.

40 En so voorts tot die tweede en derde keer; en so gereeld as wat jou vyand bekeer van die oortreding waarmee hy teen jou oortree het, sal jy hom [a]vergewe, tot sewentig maal sewe.

41 En indien hy teen jou oortree en nie die eerste keer bekeer nie, sal jy hom nietemin vergewe.

42 En indien hy ′n tweede keer teen jou oortree, en nie bekeer nie, sal jy hom nietemin vergewe.

43 En indien hy ′n derde keer teen jou oortree, en nie bekeer nie, sal jy hom ook vergewe.

44 Maar as hy ′n vierde keer teen jou oortree, sal jy hom nie vergewe nie, maar sal hierdie getuienisse voor die Here bring; en hulle sal nie uitgewis word nie voor hy bekeer en jou viervoudig beloon in alle dinge waarmee hy teen jou oortree het.

45 En indien hy dit doen, sal jy hom vergewe met jou hele hart; en indien hy dit nie doen nie, sal Ek, die Here, jou honderdvoudig [a]wreek op jou vyand;

46 En op sy kinders, en op sy kinders se kinders van al diegene wat My haat, tot die [a]derde en vierde geslag.

47 Maar indien die kinders sal bekeer, of die kinders se kinders, en [a]keer tot die Here hulle God, met hulle hele harte en met al hulle mag, verstand en krag, en viervoudig herstel vir al hulle oortredings waarmee hulle oortree het, of waarmee hulle vaders oortree het, of hulle vaders se vaders, dan sal jou verontwaardiging weggekeer word;

48 En [a]wraak sal nie meer op hulle kom nie, sê die Here jou God, en hulle oortredings sal nooit meer as ′n getuienis voor die Here gebring word teen hulle nie. Amen.

## AFDELING 99

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan John Murdock, 29 Augustus 1832, te Hiram, Ohio. Vir meer as ′n jaar het John Murdock die evangelie gepredik terwyl sy kinders—moederloos ná die dood van sy vrou, Julia Clapp, in April 1831—by ander families in Ohio gewoon het.*

40*a* Matt. 18:21–22; L&V 64:9–11. GS Vergewe.
45*a* Morm. 8:20.
46*a* Deut. 5:9–10.
47*a* Mosia 7:33; Morm. 9:6.
48*a* Eség. 18:19–23.

*1–8, John Murdock word geroep om die evangelie te verkondig, en diegene wat hom aanvaar, aanvaar die Here en sal barmhartigheid verkry.*

Kyk, so sê die Here aan my dienskneg John Murdock—jy is geroep om na die oostelike streke te gaan van huis tot huis, van dorp tot dorp, en van stad tot stad, om my ewigdurende evangelie te verkondig aan die inwoners daarvan, te midde van [a]vervolging en boosheid.

2 En wie jou [a]aanvaar, aanvaar My; en jy sal krag hê om my woord te verkondig deur die [b]betonings van my Heilige Gees.

3 En wie jou aanvaar [a]soos 'n klein kindjie, aanvaar my [b]koninkryk; en geseënd is hulle, want hulle sal [c]barmhartigheid ontvang.

4 En wie ook al jou verwerp, sal [a]verwerp word deur my Vader en sy huis; en jy sal jou [b]voete reinig in die verborge plekke langs die pad as 'n getuienis teen hulle.

5 En kyk, en sien, Ek [a]kom spoedig om te [b]oordeel, om almal te oortuig van hulle goddelose dade wat hulle teen My gepleeg het, soos dit geskrywe is van My in die volume van die boek.

6 En nou, voorwaar Ek sê vir jou, dat dit nie raadsaam is dat jy moet gaan totdat daar voorsien is vir jou kinders, en hulle liefderik opgestuur is na die biskop van Sion nie.

7 En na 'n paar jaar, as jy dit van My begeer, mag jy ook opgaan na die goeie land, om jou erfenis te besit.

8 Andersins sal jy voortgaan om my evangelie te verkondig [a]tot jy geneem word. Amen.

# AFDELING 100

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet en Sidney Rigdon, te Perrysburg, New York, 12 Oktober 1833. Aangesien die twee broers vir verskeie dae afwesig was van hulle families, was hulle bekommerd oor hulle.*

*1–4, Joseph en Sidney moet die evangelie preek vir die heil van siele; 5–8, Dit sal aan hulle gegee word op die presiese tydstip wat hulle moet sê; 9–12, Sidney moet 'n segsman wees en Joseph moet 'n openbaarder wees en kragtig in getuienis; 13–17, Die Here sal 'n rein volk verwek, en die gehoorsames sal gered word.*

**99** 1*a* GS Vervolg, Vervolging.
2*a* Matt. 10:40.
*b* 1 Kor. 2:4–5.
3*a* Matt. 18:1–6.
*b* GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
*c* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
4*a* Joh. 12:44–50.
*b* L&V 75:19–22.
5*a* L&V 1:11–14.
*b* Judas 1:14–15. GS Jesus Christus—Regter.
8*a* Matt. 19:29.

VOORWAAR, so sê die Here aan julle my vriende [a]Sidney en [b]Joseph, julle families is wel; hulle is in my hande, en Ek sal met hulle doen soos Ek goeddink; want in My is daar alle mag.

2 Daarom, volg My, en luister na die raad wat Ek aan julle sal gee.

3 Kyk, en sien, Ek het baie mense in hierdie plek, in die streke rondomheen, en 'n effektiewe deur sal geopen word in die streke rondomheen in hierdie oostelike land.

4 Daarom, Ek, die Here, het julle toegelaat om na hierdie plek te kom; want so was dit raadsaam in My vir die [a]heil van siele.

5 Daarom, voorwaar Ek sê vir julle, hef op julle stemme tot hierdie volk; [a]spreek die gedagtes wat Ek in julle harte sal plaas; en julle sal nie beskaam word voor mense nie;

6 Want dit sal aan julle [a]gegee word op daardie uur, ja op daardie oomblik, wat julle sal sê.

7 Maar 'n gebod gee Ek aan julle, dat julle alles wat julle sal verkondig, julle in my Naam sal [a]verkondig, in erns van hart, in die gees van [b]sagmoedigheid, in alle dinge.

8 En Ek gee aan julle hierdie belofte, dat in soverre julle dit doen, sal die [a]Heilige Gees uitgestort word om getuienis te lewer van alle dinge wat julle ook al sê.

9 En dit is raadsaam in My dat jy, my dienskneg Sidney, 'n [a]segsman moet wees vir hierdie volk; ja, voorwaar, Ek sal jou ordineer tot hierdie roeping, naamlik om 'n segsman te wees vir my dienskneg Joseph.

10 En Ek sal aan hom mag gee om kragtig te wees in [a]getuienis.

11 En Ek sal aan jou mag gee om [a]kragtig te wees in die uitlegging van alle skrifture, sodat jy 'n segsman vir hom mag wees, en hy sal 'n [b]openbaarder wees vir jou, sodat jy die sekerheid van alle dinge mag weet betreffende die dinge van my koninkryk op die aarde.

12 Daarom, sit julle reis voort en laat julle harte hulle verbly; want kyk, en sien, Ek is met julle en wel tot die einde toe.

13 En nou gee Ek 'n woord aan julle aangaande [a]Sion. Sion sal [b]verlos word, alhoewel sy gekasty word vir 'n kort tydjie.

14 Julle broers, my diensknegte [a]Orson Hyde en John Gould, is in my hande; en in soverre hulle my gebooie onderhou, sal hulle gered word.

15 Daarom, laat julle harte vertroos word; want [a]alle dinge sal ten goede meewerk vir diegene

**100** 1*a* GS Rigdon, Sidney.
*b* GS Smith, Joseph, Jr.
4*a* GS Heil.
5*a* Hel. 5:18; L&V 68:3–4.
6*a* Matt. 10:19–20; L&V 84:85.
7*a* L&V 84:61.
*b* GS Sagmoedig, Sagmoedigheid.
8*a* 2 Ne. 33:1–4.
9*a* Ex. 4:14–16; 2 Ne. 3:17–18; L&V 124:103–104.
10*a* GS Getuig.
11*a* Alma 17:2–3.
*b* L&V 124:125.
13*a* GS Sion.
*b* L&V 84:99; 105:9–10, 31, 37.
14*a* GS Hyde, Orson.
15*a* Rom. 8:28; L&V 90:24; 105:40.

wat opreg wandel, en tot die heiligmaking van die kerk.

16 Want Ek sal vir myself ’n [a]rein volk verwek, wat My in regverdigheid sal dien;

17 En almal wat die Naam van die Here [a]aanroep, en sy gebooie onderhou, sal gered word. Dit is so. Amen.

## AFDELING 101

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 16 en 17 Desember 1833. Op hierdie tydstip het die Heiliges wat in Missouri byeengekom het, sware vervolging gely. Bendes het hulle uit hulle huise verdryf in die Jackson-distrik; en sommige van die Heiliges het probeer om hulleself te vestig in Van Buren-, Lafayette- en Ray-distrikte, maar vervolging het hulle gevolg. Die hoof groep van die Heiliges was op daardie tydstip in die Clay-distrik, Missouri. Doodsdreigemente teen individue van die Kerk was volop. Die Heiliges in die Jackson-distrik het huishoudelike meubels, klere, vee en ander persoonlike besittings verloor; en talle van hulle oeste is vernietig.*

*1–8, Die Heiliges word gekasty en verdruk vanweë hulle oortredings; 9–15, Die Here se verontwaardiging sal oor die nasies val, maar sy volk sal versamel en getroos word; 16–21, Sion en haar penne sal gevestig word; 22–31, Die aard van die lewe gedurende die Millennium word uiteengesit; 32–42, Die Heiliges sal dan geseën en beloon word; 43–62, Die gelykenis van die edelman en die olyfbome dui op die probleme en uiteindelike herstel van Sion; 63–75, Die Heiliges moet voortgaan om byeen te kom; 76–80, Die Here het die Grondwet van die Verenigde State gevestig; 81–101, Die Heiliges moet pleit vir skadevergoeding volgens die gelykenis van die vrou en die onregverdige regter.*

VOORWAAR Ek sê vir julle, aangaande julle broers wat verdruk is, en [a]vervolg, en [b]uitgewerp is van die land van hulle erfenis—

2 Ek, die Here, het toegelaat dat die [a]verdrukkings oor hulle kom, waarmee hulle verdruk is, as gevolg van hulle [b]oortredings;

3 Tog sal Ek hulle eien, en hulle sal [a]myne wees op daardie dag wanneer Ek sal kom om my juwele op te maak.

4 Daarom, hulle moet noodwendig [a]gekasty en beproef word, net

16 *a* GS Suiwer, Suiwerheid.
17 *a* Joël 2:32; Alma 38:4–5.
**101** 1 *a* GS Vervolg, Vervolging.
*b* L&V 103:1–2, 11; 109:47.
2 *a* L&V 58:3–4.
*b* Mosia 7:29–30; L&V 103:4; 105:2–10.
3 *a* Jes. 62:3; Mal. 3:17; L&V 60:4.
4 *a* L&V 95:1–2; 136:31. GS Kasty, Kastyding.

soos [b]Abraham, wat gebied is om sy enigste seun op te offer.

5 Want al diegene wat nie kastyding verdra nie, maar My [a]verloën, kan nie [b]geheilig word nie.

6 Kyk, Ek sê vir julle, daar was steurings, en [a]twiste, en [b]jaloesie, en onenighede, en [c]wellustige en hebsugtige begeertes onder hulle; daarom, deur hierdie dinge het hulle hul erfenisse besoedel.

7 Hulle was stadig om [a]ag te slaan op die stem van die Here hulle God; daarom is die Here hulle God stadig om ag te slaan op hulle gebede, om hulle te verhoor op die dag van hulle moeilikheid.

8 Op die dag van hulle vrede het hulle my raad lig geag; maar op die dag van hulle [a]moeilikheid, het hulle, uit noodsaak, na My [b]getas.

9 Voorwaar Ek sê vir julle, nieteenstaande hulle sondes, is my binneste gevul met [a]medelye teenoor hulle, Ek sal hulle nie heeltemal [b]verwerp nie; en op die dag van [c]toorn sal Ek barmhartigheid onthou.

10 Ek het gesweer, en die bevel het uitgegaan deur ’n vorige gebod wat Ek aan julle gegee het, dat Ek die [a]swaard van my verontwaardiging sal laat val tot voordeel van my volk; en net soos Ek gesê het, sal dit gebeur.

11 My verontwaardiging sal binnekort uitgestort word sonder maat oor alle nasies; en dit sal Ek doen wanneer die beker van hulle ongeregtigheid [a]vol is.

12 En op daardie dag sal al diegene wat op die [a]wagtoring gevind word, of met ander woorde, my hele Israel, gered word.

13 En hulle wat verstrooi was, sal [a]versamel word.

14 En al diegene wat [a]getreur het, sal vertroos word.

15 En al diegene wat hulle [a]lewens vir my Naam gegee het, sal gekroon word.

16 Daarom, laat julle harte vertroos wees aangaande Sion; want alle vlees is in my [a]hande; wees stil en [b]weet dat Ek God is.

17 [a]Sion sal nie uit haar plek beweeg word nie, nieteenstaande dat haar kinders verstrooi is.

18 Hulle wat oorbly, en rein van hart is, sal terugkeer, en na hul [a]erfenisse kom, hulle en hulle

---

4*b* Gén. 22:1–14; Jakob 4:5. GS Abraham.
5*a* Matt. 10:32–33; Rom. 1:16; 2 Ne. 31:14.
*b* GS Heiligmaking.
6*a* GS Twis.
*b* GS Afguns.
*c* GS Begeerte, Groot; Wellus, Wellustigheid.
7*a* Jes. 59:2; Mosia 11:22–25; 21:15; Alma 5:38.
8*a* Hel. 12:3.
*b* Hand. 17:27; Alma 32:5–16.
9*a* GS Barmhartig, Barmhartigheid; Medelye.
*b* Jer. 30:11.
*c* L&V 98:21–22.
10*a* L&V 1:13–14.
11*a* Hel. 13:14; Ether 2:9–11.
12*a* GS Waak, Wagte.
13*a* Deut. 30:3–6; 1 Ne. 10:14. GS Israel—Die versameling van Israel.
14*a* Matt. 5:4.
15*a* Matt. 10:39. GS Martelaar, Martelaarskap.
16*a* Moses 6:32.
*b* Ex. 14:13–14; Ps. 46:10.
17*a* GS Sion.
18*a* L&V 103:11–14.

kinders, met [b]liedere van ewigdu-
rende vreugde, om die puinhope
van Sion op te [c]bou—
19 En al hierdie dinge sodat die
profete vervul mag word.
20 En, kyk, daar is geen ander
[a]plek aangedui as dit wat Ek aan-
gedui het nie; nóg sal daar enige
ander plek aangedui word as dit
wat Ek aangedui het vir die werk
van die versameling van my hei-
liges—
21 Tot die dag kom wanneer
daar nie meer plek vir hulle ge-
vind word nie; en dan het Ek
ander plekke wat Ek sal aandui
vir hulle, en hulle sal [a]penne ge-
noem word, vir die tentdoeke of
die sterkte van Sion.
22 Kyk, dit is my wil, dat al die-
gene wat my Naam aanroep, en
My aanbid ooreenkomstig my
ewigdurende evangelie, byeen
moet [a]versamel, en in heilige
plekke [b]staan;
23 En voorberei vir die open-
baring wat sal kom, wanneer die
voorhangsel vir die [a]bedekking
van my tempel, in my taberna-
kel, wat die aarde verberg, weg-
geneem sal word, en alle vlees My
tesame sal [b]sien.
24 En elke [a]verderflike ding,
beide van die mens, of die diere
van die veld, of die voëls van die
hemele, of die visse van die see,
wat op die ganse aangesig van die
aarde woon, sal [b]verteer word;
25 En ook dit wat element is, sal
[a]smelt met vurige hitte; en alle
dinge sal [b]nuut word, sodat my
kennis en [c]heerlikheid op die hele
aarde mag woon.
26 En op daardie dag sal die
[a]vyandskap van die mens, en die
vyandskap van diere, ja die vy-
andskap van alle vlees, voor my
aangesig [b]ophou.
27 En op daardie dag, wat ′n
mens ook al sal vra, sal dit aan
hom gegee word.
28 En op daardie dag sal [a]Satan
nie mag hê om enige mens te ver-
soek nie.
29 En daar sal geen [a]droefheid
wees nie, omdat daar geen dood
is nie.
30 Op daardie dag sal ′n [a]suige-
ling nie sterf tot hy oud is nie; en
sy lewe sal wees soos die ouder-
dom van ′n boom.
31 En wanneer hy sterf, sal hy nie
slaap nie, dit wil sê in die aarde,
maar hy sal [a]verander word binne

18 *b* Jes. 35:10; L&V 45:71. GS Sing.
*c* Amos 9:13–15; L&V 84:2–5; 103:11.
20 *a* L&V 57:1–4.
21 *a* L&V 82:13–14; 115:6, 17–18. GS Pen.
22 *a* GS Israel—Die versameling van Israel.
*b* Matt. 24:15; L&V 45:32; 115:6.
23 *a* GS Sluier; Voorhangsel.
*b* Jes. 40:5; L&V 38:8; 93:1. GS Tweede Koms van Jesus Christus.
24 *a* L&V 29:24.
*b* Sef. 1:2–3; Mal. 4:1; L&V 88:94; JS—G 1:37.
25 *a* Amos 9:5; 2 Petr. 3:10–14. GS Aarde—Reiniging van die aarde.
*b* Openb. 21:5.
*c* GS Millennium.
26 *a* Jes. 11:6–9. GS Vyandskap.
*b* GS Vrede.
28 *a* Openb. 20:2–3; 1 Ne. 22:26; L&V 88:110.
29 *a* Openb. 21:4.
30 *a* Jes. 65:20–22; L&V 63:51.
31 *a* 1 Kor. 15:52; L&V 43:32.

ʼn oogwink, en sal [b]opgeneem
word, en sy rus sal heerlik wees.
32 Ja, voorwaar Ek sê vir julle,
op daardie [a]dag wanneer die
Here sal kom, sal Hy alle dinge
[b]openbaar—
33 Dinge wat verbygegaan het,
en [a]verborge dinge wat geen
mens geweet het nie, dinge oor
die aarde, waardeur dit gemaak
is, en die doel en die einde daar-
van—
34 Uiters kosbare dinge, dinge
wat daarbo is, en dinge wat be-
nede is, dinge wat in die aarde is,
en op die aarde, en in die hemel.
35 En al diegene wat [a]vervol-
ging verduur om my Naams
ontwil, en volhard in geloof, al
word hulle geroep om hulle le-
wens neer te lê om My [b]ontwil,
tóg sal hulle deelgenote wees in
al hierdie heerlikheid.
36 Daarom, vrees nie, selfs nie
tot die [a]dood nie; want in hier-
die wêreld is julle [b]vreugde nie
volkome nie, maar in My is julle
vreugde volkome.
37 Daarom, wees nie besorgd
oor die liggaam nie, nóg die lewe
van die liggaam; maar sorg vir die
[a]siel, en vir die lewe van die siel.
38 En [a]soek altyd die aange-
sig van die Here, sodat julle in
[b]geduld julle siele mag besit, en
julle sal die ewige lewe hê.
39 Wanneer mense geroep word
tot my [a]ewigdurende evangelie,
en ʼn verbond sluit met ʼn ewig-
durende verbond, word hulle ge-
reken as die [b]sout van die aarde
en die smaak van die mens;
40 Hulle word geroep om die
smaak van die mens te wees, in-
dien daardie sout van die aarde
dus sy smaak verloor het, deug
dit vir niks meer nie, slegs om
uitgegooi en onder die voete van
mense vertrap te word.
41 Kyk, hier is wysheid aan-
gaande die kinders van Sion, en
wel vele, maar nie almal nie; hulle
is as oortreders bevind, daarom
moet hulle noodwendig [a]getug-
tig word—
42 Hy wat homself [a]verhef, sal
verneder word, en hy wat hom-
self [b]verneder, sal verhef word.
43 En nou sal Ek aan julle ʼn ge-
lykenis toon, sodat julle my wil
mag weet aangaande die verlos-
sing van Sion.
44 ʼn Sekere [a]edelman het ʼn stuk
grond gehad, uiters goed; en hy
het vir sy diensknegte gesê: Gaan
julle na my [b]wingerd, naamlik na
hierdie uiters goeie stuk grond, en
plant twaalf olyfbome;

31 *b* 1 Thes. 4:16–17.
32 *a* L&V 29:11. GS Millennium.
*b* L&V 121:26–28.
33 *a* GS Verborgenhede van God.
35 *a* L&V 63:20. GS Vervolg, Vervolging.
*b* L&V 98:13.
36 *a* GS Dood, Fisiese.
*b* GS Vreugde.
37 *a* GS Siel.
38 *a* 2 Kron. 7:14; L&V 93:1.
*b* GS Geduld.
39 *a* GS Nuwe en Ewigdurende Verbond.
*b* Matt. 5:13; L&V 103:10.
41 *a* GS Kasty, Kastyding.
42 *a* Obad. 1:3–4; Lk. 14:11; Hel. 4:12–13.
*b* Lk. 18:14. GS Nederig, Nederigheid.
44 *a* L&V 103:21–22.
*b* GS Wingerd van die Here.

45 En plaas [a]wagte rondom hulle, en bou ′n toring, sodat ′n mens oor die land rondomheen mag kyk, om ′n wag te wees op die toring, sodat my olyfbome nie afgebreek mag word wanneer die vyand sal kom om te bederf en vir hulleself die vrug van my wingerd te neem nie.

46 Nou, die diensknegte van die edelman het gegaan en gedoen soos hulle heer hulle beveel het, en het die olyfbome geplant, en ′n heining rondomheen gebou, en wagte opgestel, en begin om ′n toring te bou.

47 En terwyl hulle nog die fondament van die toring gelê het, het hulle onder mekaar begin sê: En waarom het my heer hierdie toring nodig?

48 En hulle het vir ′n lang tyd geraadpleeg, en onder mekaar gesê: Waarom het my heer hierdie toring nodig, aangesien dit ′n tyd van vrede is?

49 Kan hierdie geld nie aan die wisselaars gegee word nie? Want daar is nie ′n behoefte aan hierdie dinge nie.

50 En terwyl hulle met mekaar gestry het, het hulle baie lui geword en hulle het nie ag geslaan op die bevele van hulle heer nie.

51 En die vyand het in die nag gekom en die [a]heining afgebreek; en die diensknegte van die edelman het opgestaan en was bevrees, en het gevlug; en die vyand het hulle werke vernietig, en die olyfbome afgebreek.

52 Nou, kyk, die edelman, die heer van die wingerd, het sy diensknegte geroep en vir hulle gesê: Waarom! Wat is die oorsaak van hierdie groot kwaad?

53 Moes julle nie gedoen het soos ek julle beveel het nie, en—nadat julle die wingerd geplant het, en die heining rondomheen gebou het, en wagte opgestel het op die mure daarvan—ook die toring gebou het, en ′n wag opgestel het op die toring, en gewaak het oor my wingerd, en nie aan die slaap geraak het, sodat die vyand nie op julle toesak nie?

54 En kyk, die wag op die toring sou die vyand gesien het terwyl hy nog ver weg was, en dan kon julle gereedgemaak het en die vyand verhoed het om die heining daarvan af te breek, en my wingerd gered het van die hande van die vernietiger.

55 En die Here van die wingerd het aan een van sy diensknegte gesê: Gaan en versamel die res van my diensknegte, en neem [a]al die sterkte van my huis, wat my krygers is, my jong manne, en diegene wat middeljarig is ook onder al my diensknegte, wat die sterkte van my huis is, behalwe net diegene wat Ek aangestel het om agter te bly.

56 En gaan julle dadelik na die grond van my wingerd, en herwin my wingerd; want dit is

45*a* Eség. 33:2, 7; 3 Ne. 16:18. GS Waak, Wagte.
51*a* Jes. 5:1–7.
55*a* L&V 103:22, 29–30; 105:16, 29–30.

myne; Ek het dit gekoop met geld.

57 Daarom, gaan julle dadelik na my grond; breek die mure van my vyande af; werp hulle toring neer, en verstrooi hulle wagte.

58 En in soverre hulle teen julle optrek, [a]wreek my op my vyande, sodat ek weldra met die res van my huis mag kom en die grond in besit neem.

59 En die dienskneg het vir sy heer gesê: Wanneer sal hierdie dinge gebeur?

60 En hy het vir sy dienskneg gesê: Wanneer ek wil; gaan dadelik, en doen alle dinge wat ek jou ook al beveel het.

61 En dit sal my seël en seëning wees op jou—'n getroue en [a]verstandige rentmeester te midde van my huis, 'n [b]heerser in my koninkryk.

62 En sy dienskneg het dadelik gegaan en al die dinge gedoen wat sy heer hom beveel het; en [a]na vele dae is alle dinge vervul.

63 Verder, voorwaar Ek sê vir julle, Ek sal aan julle wysheid toon in my aangaande al die kerke, in soverre hulle gewillig is om gelei te word in 'n korrekte en behoorlike wyse vir hulle heil—

64 Sodat die werk van die versameling van my heiliges mag voortgaan, sodat Ek hulle mag opbou tot my Naam op [a]heilige plekke; want die tyd vir die [b]oes het gekom, en my woord moet noodwendig [c]vervul word.

65 Daarom moet Ek my volk bymekaarmaak, volgens die gelykenis van die koring en die [a]onkruid, sodat die koring beveilig mag word in die skure om die ewige lewe te hê, en gekroon word met [b]selestiale heerlikheid, wanneer Ek sal kom in die koninkryk van my Vader om elkeen te beloon volgens wat sy werke sal wees;

66 Terwyl die onkruid in bondels gebind sal word, en hulle bande sterk gemaak word, sodat hulle met 'n onblusbare vuur [a]verbrand mag word.

67 Daarom, 'n gebod gee Ek aan al die kerke, dat hulle sal voortgaan om te versamel na die plekke wat Ek besluit het.

68 Nietemin, soos Ek vir julle gesê het in 'n vorige gebod, laat julle [a]versameling nie inderhaas geskied nie, nóg deur vlug; maar laat alle dinge vooraf voorberei word vir julle.

69 En sodat alle dinge vooraf voorberei word vir julle, onderhou die gebod wat Ek gegee het aangaande hierdie dinge—

70 Wat sê, of leer, om al die grond met geld te [a]koop, wat met geld gekoop kan word, in die streek rondomheen die grond wat

58*a* L&V 97:22–24; 105:15.
61*a* L&V 78:22.
*b* Matt. 25:20–23.
62*a* L&V 105:37.
64*a* L&V 87:8.
*b* L&V 33:3, 7.
GS Oes.
*c* L&V 1:38.
65*a* Matt. 13:6–43; L&V 86:1–7.
*b* GS Selestiale Heerlikheid.
66*a* Nah. 1:5; Matt. 3:12; L&V 38:12; 63:33–34.
68*a* L&V 58:56.
70*a* L&V 63:27–29.

Ek besluit het om die land Sion te wees, vir die begin van die versameling van my heiliges;
71 Al die grond wat gekoop kan word in die Jackson-distrik, en die distrikte rondomheen, en laat die res in my hand.
72 Nou, voorwaar Ek sê vir julle, laat al die kerke al hulle geld bymekaarmaak; laat hierdie dinge gedoen word op hulle tyd, maar nie [a]inderhaas nie; en poog om alle dinge vooraf vir julle voor te berei.
73 En laat eerbare manne aangestel word, naamlik verstandige manne, en stuur hulle om hierdie grond te koop.
74 En die kerke in die oostelike streke, wanneer hulle opgebou is, as hulle sal ag slaan op hierdie raad, mag hulle grond koop en bymekaar kom op hulle; en op hierdie wyse mag hulle Sion vestig.
75 Daar is wel reeds nou genoegsaam in voorraad, ja selfs 'n oorvloed, om Sion te herwin, en om haar puinhope op te bou, om nie meer neergewerp te word nie, indien die kerke, wat hulleself na my Naam noem, [a]gewillig was om ag te slaan op my stem.
76 En verder, Ek sê vir julle, diegene wat verstrooi is deur hulle vyande, dit is my wil dat hulle moet aanhou om te pleit vir skadevergoeding, en herstelling, deur die hande van diegene wat geplaas is as heerser en wat in gesag is oor julle—
77 Ooreenkomstig die wette en [a]grondwet van die mense, wat Ek toegelaat het om gevestig te word en wat gehandhaaf moet word vir die [b]regte en beskerming van alle vlees, ooreenkomstig regverdige en heilige beginsels.
78 Sodat elkeen mag handel volgens leer en beginsel betreffende die toekoms, volgens die morele [a]handelingsmag wat Ek aan hom gegee het, sodat elkeen [b]toerekenbaar is vir sy eie sondes op die dag van [c]oordeel.
79 Daarom, dit is nie reg dat enigeen in slawerny moet wees die een tot die ander nie.
80 En vir hierdie doel het Ek die [a]Grondwet van hierdie land gevestig, deur die hande van verstandige mense wat Ek opgewek het vir hierdie spesifieke doel, en die land herwin het deur die [b]vergieting van bloed.
81 Nou, waarmee sal Ek die kinders van Sion vergelyk? Ek sal hulle vergelyk met die [a]gelykenis van die vrou en die onregverdige regter, want die mens behoort altyd te [b]bid en nie moedeloos word nie, wat sê—
82 Daar was in 'n stad 'n regter wat God nie gevrees het nie, nóg die mens eerbiedig het.
83 En daar was 'n weduwee in

72*a* Jes. 52:10–12.
75*a* Alma 5:37–39.
77*a* GS Regering.
*b* GS Vry, Vryheid.
78*a* GS Handelingsmag.
*b* GS Toerekenbaar, Toerekenbaarheid.
*c* GS Oordeel, Die Laaste.
80*a* 2 Ne. 1:7–9; L&V 98:5–6.
GS Grondwet.
*b* 1 Ne. 13:13–19.
81*a* Lk. 18:1–8.
*b* GS Gebed.

daardie stad, en sy het na hom gekom, en gesê: Wreek my teenoor my teenstander.

84 En hy wou nie vir ʼn tydlank nie, maar daarna het hy vir homself gesê: Alhoewel ek nie God vrees nie, nóg die mens eerbiedig, tog, omdat hierdie weduwee my pla, sal ek haar wreek, sodat sy my nie met haar voortdurende besoeke vermoei nie.

85 Daarmee sal Ek die kinders van Sion vergelyk.

86 Laat hulle pleit aan die voete van die regter;

87 En as hy nie op hulle ag slaan nie, laat hulle pleit aan die voete van die goewerneur;

88 En as die goewerneur nie op hulle ag slaan nie, laat hulle pleit aan die voete van die president;

89 En as die president nie op hulle ag slaan nie, dan sal die Here opstaan en uitkom uit sy [a]skuilplek; en in sy woede die nasie kwel.

90 En in sy hete grimmigheid, en in sy toorngloed, op sy tyd, sal hy daardie goddelose, ontroue, en onregverdige [a]rentmeesters afsny en hulle hul deel toewys onder die huigelaars en die [b]ongelowiges;

91 Selfs in die buitenste duisternis, waar daar ʼn [a]geween is, en ʼn geklaag en ʼn gekners van tande.

92 Bid julle, daarom, dat hulle ore geopen mag word vir julle pleidooie, sodat Ek [a]barmhartig mag wees teenoor hulle, sodat hierdie dinge nie oor hulle mag kom nie.

93 Wat Ek aan julle gesê het moet noodwendig wees, sodat alle mense sonder [a]verskoning gelaat mag word;

94 Sodat verstandige manne en heersers mag hoor en dít weet wat hulle nog nooit [a]oorweeg het nie;

95 Sodat Ek mag voortgaan om my handeling te weeg te bring, my [a]vreemde handeling, en my werk uitvoer, my vreemde werk, sodat die mens mag [b]onderskei tussen die regverdiges en die bose, sê die Here julle God.

96 En verder, Ek sê vir julle dit is teenstrydig met my gebod en my wil dat my dienskneg Sidney Gilbert my [a]voorraadskuur wat Ek aan my volk gegee het moet verkoop in die hande van my vyande.

97 Moenie dat dit wat Ek gegee het besoedel word deur my vyande, met die instemming van diegene wat hulleself na my Naam [a]noem nie.

98 Want dit is ʼn baie groot en ernstige sonde teen My, en teen my volk, as gevolg van daardie

89*a* Jes. 45:15; L&V 121:1, 4; 123:6.
90*a* GS Rentmeester, Rentmeesterskap.
*b* Openb. 21:8. GS Ongeloof.
91*a* Matt. 25:30; L&V 19:5; 29:15–17; 124:8.
92*a* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
93*a* Rom. 1:18–21.
94*a* Jes. 52:15; 3 Ne. 20:45; 21:8.
95*a* Jes. 28:21; L&V 95:4.
*b* Mal. 3:18. GS Onderskeiding, Gawe van.
96*a* GS Voorraadskuur.
97*a* L&V 103:4; 112:25–26; 125:2.

dinge wat Ek beveel het en wat binnekort die nasies sal tref.

99 Daarom, dit is my wil dat my volk aanspraak moet maak, en aanspraak behou op dit wat Ek aan hulle gegee het, alhoewel hulle nie toegelaat sal word om daarop te woon nie.

100 Nietemin, Ek sê nie dat hulle nie daarop sal woon nie; want in soverre hulle vrugte en werke voortbring wat geskik is vir my koninkryk, sal hulle daarop woon.

101 Hulle sal bou, en 'n ander sal dit nie [a]beërwe nie; hulle sal wingerde plant en hulle sal die vrugte daarvan eet. Dit is so. Amen.

## AFDELING 102

*Notule van die organisering van die eerste hoëraad van die Kerk, te Kirtland, Ohio, 17 Februarie 1834. Die oorspronklike notule is gehou deur Ouderlinge Oliver Cowdery en Orson Hyde. Die Profeet het die notule die volgende dag hersien, en die volgende dag is die reggestelde notule eenparig aanvaar deur die hoëraad as "'n patroon en grondwet van die hoëraad" van die Kerk. Verse 30 tot 32, wat te make het met die Raad van die Twaalf Apostels, is in 1835 onder toesig van Joseph Smith ingevoeg toe hierdie gedeelte voorberei is vir publikasie in die Leer en Verbonde.*

*1–8, 'n Hoëraad word aangestel om belangrike probleme op te los wat ontstaan in die Kerk; 9–18, Prosedures word gegee vir die aanhoor van sake; 19–23, Die president van die raad gee die beslissing; 24–34, Appèlprosedures word uiteengesit.*

HIERDIE dag het 'n algemene raad van vier en twintig hoëpriesters byeengekom by die huis van Joseph Smith, Jr., deur openbaring, en oorgegaan om die [a]hoëraad van die kerk van Christus te organiseer, wat moes bestaan uit twaalf hoëpriesters, en een of drie presidente soos die saak mag vereis.

2 Die hoëraad is aangestel deur openbaring vir die doel om belangrike probleme op te los wat mag ontstaan in die kerk, wat nie opgelos kon word deur die kerk of die [a]biskop se raad tot die bevrediging van die partye nie.

3 Joseph Smith, Jr., Sidney Rigdon en Frederick G. Williams is erken as presidente deur die stem van die raad; en Joseph Smith, Snr., John Smith, Joseph Coe, John Johnson, Martin Harris, John S. Carter, Jared Carter, Oliver Cowdery, Samuel H. Smith,

101 *a* Jes. 65:21–22. GS Millennium.

**102** 1 *a* GS Hoëraad.
2 *a* L&V 107:72–74.

Orson Hyde, Sylvester Smith, en Luke Johnson, hoëpriesters, is gekies om ′n staande raad van die kerk te wees, deur die eenparige stem van die raad.

4 Die bogenoemde raadslede is toe gevra of hulle hul aanstellings aanvaar, en of hulle sou optree in daardie amp ooreenkomstig die wet van die hemel, waarop hulle almal geantwoord het dat hulle hul aanstellings aanvaar het, en hulle ampte sou uitvoer ooreenkomstig die genade van God wat aan hulle toegeken is.

5 Die getal wat die raad uitgemaak het, wat gestem het in die naam van en vir die kerk in die aanstelling van bogenoemde raadslede was drie en veertig, as volg: nege hoëpriesters, sewentien ouderlinge, vier priesters en dertien lede.

6 Besluit: dat die hoëraad nie mag kan hê om op te tree sonder dat sewe van die boegenoemde raadslede, of hul behoorlik aangestelde opvolgers teenwoordig is nie.

7 Hierdie sewe sal die mag hê om ander hoëpriesters aan te stel, wat hulle waardig en bekwaam mag ag om op te tree in die plek van afwesige raadslede.

8 Besluit: dat wanneer ′n vakature sal ontstaan deur die dood, verwydering vanuit die amp vanweë oortreding, of verhuising vanuit die grense van hierdie kerkregering, van enige van die bogenoemde raadslede, sal dit gevul word deur die nominering van die president of presidente, en goedgekeur word deur die stem van ′n algemene raad van hoëpriesters, byeengeroep vir daardie doel, om op te tree in die naam van die kerk.

9 Die president van die kerk, wat ook die president van die raad is, word aangestel deur [a]openbaring, en [b]erken in sy administrasie deur die stem van die kerk.

10 En dit is ooreenkomstig die waardigheid van sy amp dat hy moet presideer oor die raad van die kerk; en dit is sy voorreg om bygestaan te word deur twee ander presidente, aangestel volgens dieselfde wyse waardeur hy self aangestel is.

11 En in die geval van die afwesigheid van een of beide van diegene wat aangestel is om hom by te staan, het hy die mag om te presideer oor die raad sonder ′n assistent; en in geval hy self afwesig is, het die ander presidente mag om in sy plek te presideer, beide of enigeen van hulle.

12 Wanneer ′n hoëraad van die kerk van Christus behoorlik georganiseer is, volgens die voorafgaande patroon, sal dit die plig wees van die twaalf raadslede om die lot te werp deur nommers, en daardeur bepaal wie van die twaalf eerste sal spreek, beginnende by nommer een en so in opeenvolging tot nommer twaalf.

9*a* GS Openbaring. *b* GS Onderskraging van Kerkleiers.

13 Wanneer hierdie raad byeenkom om ′n saak te behandel, sal die twaalf raadslede besluit of dit ′n moeilike een is of nie; indien nie, sal slegs twee van die raadslede daaroor spreek, volgens die bogenoemde geskrewe wyse.

14 Maar as dit as moeilik beskou word, sal vier aangestel word; en indien nog moeiliker, ses; maar in geen geval sal meer as ses aangestel word om te spreek nie.

15 Die aangeklaagde, in alle sake, het die reg op een helfte van die raad, om belediging of onregverdigheid te voorkom.

16 En die raadslede wat aangestel is om te spreek voor die raad moet die saak aanbied, na die getuienis ondersoek is, in die ware lig daarvan voor die raad; en elkeen mag spreek ooreenkomstig billikheid en [a]geregtigheid.

17 Daardie raadslede wat gelyke nommers trek, dit wil sê, 2, 4, 6, 8, 10 en 12, is die individue wat moet opstaan namens die aangeklaagde, en belediging en onregverdigheid voorkom.

18 In alle gevalle sal die klaer en aangeklaagde die voorreg hê om vir hulleself voor die raad te spreek, nadat die getuienisse aangehoor is en die raadslede wat aangestel word om oor die saak te spreek, hulle kommentaar afgesluit het.

19 Nadat die getuienisse aangehoor is en die raadslede, die klaer en aangeklaagde gespreek het, sal die president ′n beslissing gee volgens die begrip wat hy van die saak sal hê, en die twaalf raadslede versoek om dit goed te keur deur hulle stem.

20 Maar indien die oorblywende raadslede, wat nie gespreek het nie, of enigeen van hulle, nadat hulle die getuienisse en pleidooie onpartydig gehoor het, ′n fout ontdek in die beslissing van die president, kan hulle dit bekendmaak, en die saak sal ′n herverhoor hê.

21 En indien, na ′n sorgvuldige herverhoor, enige bykomende lig op die saak gewerp word, sal die beslissing dienooreenkomstig verander word.

22 Maar ingeval geen bykomende lig gewerp word nie, sal die eerste beslissing bly staan, aangesien die meerderheid van die raad die mag het om dit te bepaal.

23 In die geval van probleme rakende ′n [a]lering of beginsel, indien daar nie genoegsaam geskryf is om die saak duidelik te maak vir die begrip van die raad nie, mag die president navraag doen en die wil van die Here verkry deur [b]openbaring.

24 Die hoëpriesters het, wanneer hulle op reis is, die mag om ′n raad byeen te roep en te organiseer volgens die voorafgaande wyse, om probleme op te los, wanneer die partye of enigeen van hulle dit sal versoek.

25 En die genoemde raad van

16*a* GS Geregtigheid. 23*a* Núm. 9:8. *b* GS Openbaring.

hoëpriesters sal mag hê om een van hulle eie groep aan te stel om tydelik te presideer oor sodanige raad.

26 En dit sal die plig van die genoemde raad wees om onmiddellik ′n afskrif van hulle verrigtinge, tesame met ′n volledige verklaring van die getuienis wat hulle beslissing vergesel, aan die hoëraad van die setel van die Eerste Presidensie van die Kerk te stuur.

27 Sou die partye of enigeen van hulle ontevrede wees met die beslissing van die genoemde raad, mag hulle appelleer by die hoëraad van die setel van die Eerste Presidensie van die Kerk, en ′n herverhoor hê, in welke geval die saak daar aangehoor sal word, volgens die voorafgaande geskrewe patroon, asof geen sodanige beslissing gegee was nie.

28 Hierdie raad van hoëpriesters op reis moet slegs belê word betreffende die [a]moeilikste gevalle van kerklike sake; en geen gewone of normale saak sal genoegsaam wees om so ′n raad te belê nie.

29 Die reisende of elders gevestigde hoëpriesters het die mag om te sê of dit noodsaaklik is om so ′n raad te belê of nie.

30 Daar is ′n onderskeid tussen die hoëraad of reisende hoëpriesters, en die [a]reisende hoëraad wat bestaan uit die twaalf [b]apostels, ten opsigte van hulle beslissings.

31 Oor die besluit van die eersgenoemde kan geappelleer word; maar oor die beslissing van laasgenoemde kan dit nie.

32 Laasgenoemde kan slegs bevraagteken word deur die algemene gesagsdraers van die kerk in geval van oortreding.

33 Besluit: dat die president of presidente van die setel van die Eerste Presidensie van die Kerk mag sal hê om te bepaal of enige so ′n saak, wat geappelleer mag word, regverdiglik geregtig is op ′n herverhoor, nadat die appèl en die gepaardgaande getuienisse en verklarings ondersoek is.

34 Die twaalf raadslede het toe voortgegaan om die lot te werp of te stem, om te bepaal wie eerste sou spreek, en die volgende was die uitslag, naamlik: 1, Oliver Cowdery; 2, Joseph Coe; 3, Samuel H. Smith; 4, Luke Johnson; 5, John S. Carter; 6, Sylvester Smith; 7, John Johnson; 8, Orson Hyde; 9, Jared Carter; 10, Joseph Smith, Snr.; 11, John Smith; 12, Martin Harris.

Na gebed het die konferensie verdaag.

Oliver Cowdery,
Orson Hyde,
Klerke

28*a* L&V 107:78.
30*a* L&V 107:23–24, 35–38.
*b* GS Apostel.

# AFDELING 103

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 24 Februarie 1834. Hierdie openbaring is ontvang na die aankoms in Kirtland, Ohio, van Parley P. Pratt en Lyman Wight, wat vanaf Missouri gekom het om met die Profeet te raadpleeg ten opsigte van die verligting en herstelling van die Heiliges tot hulle grond in die Jackson-distrik.*

*1–4, Waarom die Here toegelaat het dat die Heiliges in die Jackson-distrik vervolg is; 5–10, Die Heiliges sal oorwin indien hulle die gebooie onderhou; 11–20, Die herstelling van Sion sal kom deur krag, en die Here sal sy volk vooruitgaan; 21–28, Die Heiliges moet in Sion byeenkom en diegene wat hulle lewens neerlê, sal hulle weer vind; 29–40, Verskeie broers word geroep om Sion se Kamp te organiseer en na Sion te gaan; hulle word oorwinning beloof indien hulle getrou is.*

VOORWAAR Ek sê vir julle, my
vriende, kyk, Ek sal aan julle 'n
openbaring en 'n gebod gee so-
dat julle mag weet hoe om op te
[a]tree in die vervulling van julle
pligte betreffende die heil en [b]her-
stelling van julle broers, wat ver-
strooi is op die land Sion.
2 Wat [a]verdryf en geslaan is deur
die hande van my vyande, op wie
Ek my toorn sal uitstort sonder
maat in my eie bepaalde tyd.
3 Want Ek het hulle toegelaat
tot dusver, sodat hulle die maat
van hulle ongeregtighede mag
[a]vol maak, sodat hulle beker vol
mag wees;
4 En diegene wat hulleself na
my Naam noem, mag [a]gekasty
word vir 'n kort tydjie met 'n
sware en ernstige tugtiging, want
hulle het nie algeheel [b]ag geslaan
op die beginsels en gebooie wat
Ek aan hulle gegee het nie.
5 Maar voorwaar Ek sê vir julle,
dat Ek 'n bevel beveel het wat my
volk sal verwesenlik, in soverre
hulle sal ag slaan vanaf hierdie
presiese uur op die [a]raad wat Ek,
die Here hulle God, aan hulle sal
gee.
6 Kyk, hulle sal, want Ek het dit
beveel, begin om my vyande te
oorwin vanaf hierdie presiese uur.
7 En deur [a]ag te slaan om al
die woorde te onderhou wat Ek,
die Here hulle God, tot hulle sal
spreek, sal hulle nooit ophou om
te oorwin tot die [b]koninkryke van
die wêreld onderwerp is onder
my voete nie, en die aarde aan die
[c]heiliges [d]gegee word, om dit te
[e]besit vir ewig en ewig.

**103** 1*a* L&V 43:8.
*b* L&V 101:43–62.
2*a* L&V 101:1; 109:47.
3*a* Alma 14:10–11; 60:13.
4*a* L&V 95:1.
GS Kasty, Kastyding.
*b* L&V 101:2; 105:2–6.
5*a* GS Raad.
7*a* L&V 35:24.
GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
*b* Dan. 2:44.
*c* GS Heilige.
*d* Dan. 7:27.
*e* L&V 38:20.

8 Maar in soverre hulle nie my
gebooie [a]onderhou, en nie ag
slaan om al my woorde te gehoor-
saam nie, sal die koninkryke van
die wêreld hulle oorwin.
9 Want hulle is daargestel om ’n
[a]lig vir die wêreld te wees, en om
die redders van mense te wees;
10 En in soverre hulle nie die
redders van mense is nie, is hulle
soos [a]sout wat sy smaak verloor
het, en deug dit vir niks meer nie,
slegs om uitgegooi en onder die
voete van mense vertrap te word.
11 Maar voorwaar Ek sê vir julle,
Ek het beveel dat julle broers wat
verstrooi is, sal terugkeer na die
[a]grond van hulle erfenisse, en sal
die puinhope van Sion opbou.
12 Want na [a]veel beproewing,
soos Ek aan julle gesê het in ’n
vorige gebod, kom die seëning.
13 Kyk, dit is die seëning wat Ek
julle beloof het na julle beproe-
wings, en die beproewings van
julle broers—julle herstelling en
die herstelling van julle broers,
naamlik hulle herstelling na die
land Sion, om gevestig te word, om
nie meer neergewerp te word nie.
14 Nietemin, indien hulle hul er-
fenisse besoedel, sal hulle omver-
gewerp word; want Ek sal hulle
nie spaar as hulle hul erfenisse
besoedel nie.
15 Kyk, Ek sê vir julle, die her-
stelling van Sion moet noodwen-
dig kom deur krag;
16 Daarom, Ek sal vir my volk
’n man opwek wat hulle sal lei
soos [a]Moses die kinders van Is-
rael gelei het.
17 Want julle is die kinders van
Israel, en van die [a]saad van Abra-
ham, en julle moet noodwendig
uit slawerny gelei word deur
krag, en met ’n uitgestrekte arm.
18 En soos julle vaders aan die
begin gelei was, net so sal die her-
stelling van Sion wees.
19 Daarom, laat julle harte nie
moed verloor nie, want Ek sê nie
aan julle soos Ek aan julle va-
ders gesê het nie: My [a]engel sal
uitgaan voor julle, maar nie my
[b]teenwoordigheid nie.
20 Maar Ek sê vir julle: My
[a]engele sal uitgaan voor julle, en
ook my teenwoordigheid, en uit-
eindelik sal julle die goeie land
[b]besit.
21 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir
julle, dat my dienskneg Joseph
Smith. Jr., die [a]man is met wie Ek
die dienskneg vergelyk het met
wie die Here van die [b]wingerd ge-
spreek het in die gelykenis wat Ek
aan julle gegee het.
22 Daarom, laat my dienskneg
Joseph Smith, Jr., aan die [a]sterkte

8*a* Mosia 1:13; L&V 82:10.
9*a* 1 Ne. 21:6.
10*a* Matt. 5:13–16; L&V 101:39–40.
11*a* L&V 101:18.
12*a* Openb. 7:13–14; L&V 58:4; 112:13.
16*a* Ex. 3:2–10; L&V 107:91–92. GS Moses.
17*a* GS Abraham, Verbond van; Abraham—Die nageslag van Abraham.
19*a* GS Engele.
*b* L&V 84:18–24.
20*a* Ex. 14:19–20.
*b* L&V 100:13.
21*a* L&V 101:55–58.
*b* GS Wingerd van die Here.
22*a* L&V 35:13–14; 105:16, 29–30.

van my huis sê, my jong manne en die middeljariges—Versamel julleself byeen na die land Sion, op die land wat Ek gekoop het met geld wat aan My toegewy is.

23 En laat al die kerke verstandige manne met hul geld opstuur, en grond [a]koop net soos Ek hulle gebied het.

24 En in soverre my vyande teen julle kom om julle te verdryf van my goeie [a]land, wat Ek toegewy het om die land Sion te wees, naamlik van julle eie lande na hierdie getuienisse, wat julle gebring het voor my teen hulle, sal julle hulle vervloek;

25 En wie ook al julle vervloek, sal Ek vervloek, en julle sal My wreek op my vyande.

26 En my teenwoordigheid sal met julle wees en wel om my te [a]wreek op my vyande, tot die derde en vierde geslag van diegene wat My haat.

27 Laat geen mens bevrees wees om sy lewe om my ontwil neer te lê nie; want wie ook al sy lewe om my ontwil [a]neerlê, sal dit weer vind.

28 En wie ook al nie gewillig is om sy lewe neer te lê om my ontwil nie, is nie my dissipel nie.

29 Dit is my wil dat my dienskneg [a]Sidney Rigdon sy stem sal verhef in die gemeentes van die oostelike streke, om die kerke voor te berei om die gebooie te onderhou wat Ek aan hulle gegee het aangaande die herstelling en die verlossing van Sion.

30 Dit is my wil dat my dienskneg [a]Parley P. Pratt en my dienskneg Lyman Wight nie moet terugkeer na die land van hulle broers nie, tot hulle groepe verkry het om op te gaan na die land Sion, in tientalle, of twintigtalle of vyftigtalle, of ʼn honderdtal, tot hulle die getal van vyfhonderd byeen het vir die [b]sterkte van my huis.

31 Kyk, dit is my wil; vra en julle sal ontvang; maar die mens doen [a]nie altyd my wil nie.

32 Daarom, indien julle nie vyfhonderd byeen kan kry nie, soek ywerig sodat julle dalk driehonderd byeen kan kry.

33 En indien julle nie driehonderd byeen kan kry nie, soek ywerig sodat julle dalk eenhonderd byeen kan kry.

34 Maar voorwaar Ek sê vir julle, ʼn gebod gee Ek aan julle, dat julle nie sal opgaan na die land Sion nie totdat julle ʼn honderd van die sterkte van my huis byeen gekry het, om op te gaan met julle na die land Sion.

35 Daarom, soos Ek aan julle gesê het, vra en julle sal ontvang; bid ernstig sodat my dienskneg Joseph Smith, Jr., dalk saam met julle mag gaan, en presideer te midde van my volk, en

23*a* L&V 42:35–36; 57:5–7; 58:49–51; 101:68–74.
24*a* L&V 29:7–8; 45:64–66; 57:1–2.
26*a* L&V 97:22.
27*a* Matt. 10:39; Lk. 9:24; L&V 98:13–15; 124:54.
29*a* GS Rigdon, Sidney.
30*a* GS Pratt, Parley Parker.
*b* L&V 101:55.
31*a* L&V 82:10.

my koninkryk organiseer op die [a]toegewyde grond, en die kinders van Sion vestig op die wette en gebooie wat aan julle gegee is en wat gegee sal word.
36 Alle oorwinning en eer word teweeg gebring deur julle [a]ywer, getrouheid, en [b]gebede van geloof.
37 Laat my dienskneg Parley P. Pratt saam met my dienskneg Joseph Smith, Jr. reis.
38 Laat my dienskneg Lyman Wight saam met my dienskneg Sidney Rigdon reis.
39 Laat my dienskneg Hyrum Smith saam met my dienskneg Frederick G. Williams reis.
40 Laat my dienskneg Orson Hyde saam met my dienskneg Orson Pratt reis, waarheen my dienskneg Joseph Smith, Jr., hulle sal opdrag gee, om hierdie gebooie te vervul wat Ek aan julle gegee het, en laat die res in my hande. Dit is so. Amen.

---

## AFDELING 104

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet, te of naby Kirtland, Ohio, 23 April 1834, aangaande die United Firm [Verenigde Maatskappy] (sien die opskrifte van afdelings 78 en 82). Die geleentheid was waarskynlik dié van 'n raadsvergadering van die lede van die United Firm wat die dringende stoflike behoeftes van die Kerk bespreek het. 'n Vroeëre vergadering van die maatskappy het op 10 April besluit dat die organisasie ontbind word. Hierdie openbaring dui aan dat die maatskappy eerder geherorganiseer word; sy bates moes verdeel word onder die lede van die maatskappy as hul rentmeesterskappe. Onder Joseph Smith se leiding is die frase "Verenigde Maatskappy" later vervang met "Verenigde Orde" in die openbaring.*

*1–10, Heiliges wat oortree teen die verenigde orde sal vervloek word; 11–16, Die Here voorsien vir sy Heiliges op sy eie wyse; 17–18, Evangeliese wet beheer die versorging van die armes; 19–46, Die rentmeesterskappe en seëninge van die onderskeie broers word aangedui; 47–53, Die verenigde orde in Kirtland en die orde in Sion moet afsonderlik funksioneer; 54–66, Die heilige tesourie van die Here word opgestel vir die druk van die skrifture; 67–77, Die algemene tesourie van die verenigde orde moet funksioneer op die basis van algemene instemming; 78–86, Diegene in die verenigde orde moet al hulle skuld betaal, en die Here sal hulle verlos van finansiële gebondenheid.*

1 Voorwaar Ek sê vir julle, my vriende, Ek gee aan julle raad, en 'n gebod, aangaande al die

35*a* L&V 84:31.
36*a* GS Ywer.
*b* L&V 104:79–82.

besittings wat aan die orde behoort wat Ek gebied het om georganiseer en gevestig te word, om 'n [a]verenigde orde te wees, en 'n ewigdurende orde tot die voordeel van my kerk, en vir die behoud van die mense tot Ek kom—

2 Met 'n belofte onbeweeglik en onveranderlik, in soverre diegene wat Ek gebied het getrou was, sal hulle geseën word met 'n menigvuldigheid van seëninge;

3 Maar in soverre hulle nie getrou was nie, was hulle na aan vervloeking.

4 Daarom, in soverre sommige van my diensknegte nie die gebod onderhou het nie, maar die verbond verbreek het deur [a]hebsug, en met geveinsde woorde, het Ek hulle vervloek met 'n baie groot en 'n ernstige vloek.

5 Want Ek, die Here, het besluit in my hart, dat in soverre enige mens wat behoort aan die orde as 'n oortreder bevind word, of, met ander woorde, die verbond sal verbreek waarmee julle gebind is, sal hy vervloek word in sy lewe, en sal vertrap word deur wie Ek wil;

6 Want Ek, die Here, sal nie [a]bespot word in hierdie dinge nie—

7 En dit alles sodat die onskuldiges onder julle nie veroordeel mag word saam met die onregverdiges nie; en sodat die skuldiges onder julle nie mag ontvlug nie; want Ek, die Here het aan julle 'n [a]kroon van heerlikheid aan my regterhand belowe.

8 Daarom, in soverre julle oortreders bevind word, kan julle nie my toorn ontvlug in julle lewens nie.

9 In soverre julle [a]afgesny is vanweë oortreding, kan julle nie die [b]teisterings van [c]Satan ontvlug tot die dag van verlossing nie.

10 En nou gee Ek aan julle mag vanaf hierdie uur, dat indien enigeen onder julle, van die orde, 'n oortreder bevind word en nie bekeer van die kwade nie, dat julle hom sal oorgee aan die teisterings van Satan; en hy sal nie mag hê om kwaad oor julle te [a]bring nie.

11 Dit is wysheid in My; daarom gee Ek 'n gebod aan julle, dat julle julleself sal organiseer en elkeen sy [a]rentmeesterskap toewys;

12 Sodat elkeen rekenskap mag gee van die rentmeesterskap wat aan hom toegewys is.

13 Want dit is raadsaam dat Ek, die Here, elkeen [a]verantwoordelik moes maak, as 'n [b]rentmeester oor aardse seëninge, wat Ek geskape en voorberei het vir my skepsels.

14 Ek, die Here, het die hemele

**104** 1*a* L&V 78:3–15.
GS Verenigde Orde.
4*a* GS Begeer.
6*a* Gal. 6:7–9.
7*a* Jes. 62:3;
L&V 76:56.
GS Heerlikheid.
9*a* GS Ekskommunikeer.
*b* L&V 82:21.
*c* GS Duiwel.
10*a* L&V 109:25–27.
11*a* L&V 42:32.
GS Rentmeester,
Rentmeesterskap.
13*a* GS Toerekenbaar,
Toerekenbaarheid.
*b* L&V 72:3–5, 16–22.

uitgesprei, en die aarde [a]gebou,
my eie [b]handewerk; en alle dinge
daarin is myne.
15 En dit is my doel om te voorsien vir my heiliges, want alle
dinge is myne.
16 Maar dit moet noodwendig
gedoen word op my eie [a]wyse; en
kyk dit is die wyse waarop Ek, die
Here, beveel het om voorsiening
te maak vir my heiliges, sodat die
[b]armes verhef sal word, deur die
rykes te verlaag.
17 Want die [a]aarde is vol, en
daar is genoeg en oorvloed; ja, Ek
het alle dinge voorberei, en het
aan die kinders van mense gegee
om vir hulleself te [b]handel.
18 Daarom, indien enigeen van
die [a]oorvloed wat Ek gemaak het
neem, en nie sy deel gee nie, volgens die [b]wet van my evangelie,
aan die [c]armes en die behoeftiges, sal hy, met die bose, sy oë
ophef in die [d]hel, en in pyniging
verkeer.
19 En nou, voorwaar, Ek sê vir
julle, aangaande die besittings
van die [a]orde—
20 Laat aan my dienskneg Sidney Rigdon die plek waar hy nou
woon, toegewys word, en die perseel vir die looiery vir sy rentmeesterskap, vir sy onderhoud
terwyl hy arbei in my wingerd,
net soos Ek wil, wanneer Ek hom
sal gebied.
21 En laat alle dinge gedoen
word ooreenkomstig die raad
van die orde, en verenigde instemming of stem van die orde,
wat in die land Kirtland woon.
22 En hierdie rentmeesterskap
en seëning, ken Ek, die Here, toe
op my dienskneg Sidney Rigdon
vir 'n seëning op hom, en sy saad
na hom;
23 En Ek sal seëninge op hom
vermenigvuldig, in soverre hy nederig sal wees voor My.
24 En verder, laat aan my dienskneg Martin Harris toegewys
word, vir sy rentmeesterskap, die
perseel wat my dienskneg John
Johnson verkry het in ruil vir sy
vorige erfenis, vir hom en sy saad
na hom;
25 En in soverre hy getrou is, sal
Ek seëninge vermenigvuldig op
hom en sy saad na hom.
26 En laat my dienskneg Martin
Harris sy geld skenk vir die verkondiging van my woorde, soos
my dienskneg Joseph Smith, Jr.,
sal aandui.
27 En verder, laat my dienskneg
Frederick G. Williams die plek
kry waarop hy nou woon.
28 En laat my dienskneg Oliver
Cowdery die perseel kry wat aan
die huis grens, wat behou moet
word vir die drukkery, wat perseel nommer een is, en ook die
perseel waarop sy vader woon.

14*a* Jes. 42:5; 45:12.
GS Skep, Skepping.
*b* Ps. 19:1; 24:1.
16*a* L&V 105:5.
GS Welsyn.
*b* 1 Sam. 2:7–8;
Lk. 1:51–53;
L&V 88:17.
17*a* L&V 59:16–20.
GS Aarde.
*b* GS Handelingsmag.
18*a* Lk. 3:11; Jak. 2:15–16.
*b* L&V 42:30.
*c* Spr. 14:21;
Mosia 4:26;
L&V 52:40.
*d* Lk. 16:20–31.
19*a* GS Verenigde Orde.

29 En laat my diensknegte Frederick G. Williams en Oliver Cowdery die drukkery kry en alle dinge wat daartoe behoort.

30 En dit sal hulle rentmeesterskap wees wat aan hulle toegewys sal word.

31 En in soverre hulle getrou is, kyk, Ek sal seën, en seëninge vermenigvuldig op hulle.

32 En dit is die begin van die rentmeesterskap wat Ek aan hulle toegewys het, vir hulle en hulle saad na hulle.

33 En, in soverre hulle getrou is, sal Ek seëninge vermenigvuldig op hulle en hulle saad na hulle, en wel 'n menigvuldigheid van seëninge.

34 En verder, laat my dienskneg John Johnson die huis kry waarin hy woon, en die erfenis, alles behalwe die grond wat opsy gesit is vir die [a]bou van my huise, wat deel is van daardie erfenis, en daardie persele wat benoem is vir my dienskneg Oliver Cowdery.

35 En in soverre hy getrou is, sal Ek seëninge op hom vermenigvuldig.

36 En dit is my wil dat hy die persele moet verkoop wat uitgelê is vir die opbou van die stad van my heiliges, in soverre dit aan hom bekendgemaak sal word deur die [a]stem van die Gees, en ooreenkomstig die raad van die orde, en deur die stem van die orde.

37 En dit is die begin van die rentmeesterskap wat Ek aan hom toegewys het, vir 'n seëning vir hom en sy saad na hom.

38 En in soverre hy getrou is, sal Ek 'n menigvuldigheid van seëninge vermenigvuldig op hom.

39 En verder, laat aan my dienskneg [a]Newel K. Whitney die huise en perseel toegewys word waar hy nou woon, en die perseel en gebou waarop die handelshuis staan, en ook die perseel wat op die hoek is suid van die handelshuis, en ook die perseel waarop die potasfabriek geleë is.

40 En dit alles het Ek toegewys aan my dienskneg Newel K. Whitney vir sy rentmeesterskap, vir 'n seëning vir hom en sy saad na hom, tot die voordeel van die handelshuis van my orde wat Ek gevestig het vir my pen in die land Kirtland.

41 Ja, voorwaar, dit is die rentmeesterskap wat Ek toegewys het aan my dienskneg N.K. Whitney, en wel hierdie hele handelshuis, hom en sy [a]agent, en sy saad na hom.

42 En in soverre hy getrou is in die onderhouding van my gebooie, wat Ek aan hom gegee het, sal Ek seëninge op hom vermenigvuldig, op hom en sy saad na hom, en wel 'n menigvuldigheid van seëninge.

43 En verder, laat aan my dienskneg Joseph Smith, Jr., die perseel toegewys word wat uitgelê is vir die bou van my huis, wat veertig

34*a* L&V 94:3, 10.
36*a* GS Openbaring.
39*a* GS Whitney, Newel K.
41*a* L&V 84:112–113.

roedes lank is en twaalf wyd, en ook die erfenis waarop sy vader nou woon;

44 En dit is die begin van die rentmeesterskap wat Ek aan hom toegewys het, vir ′n seëning vir hom, en vir sy vader.

45 Want kyk, Ek het ′n erfenis vir sy [a]vader opsy gesit, vir sy onderhoud; daarom sal hy ingereken word in die huis van my dienskneg Joseph Smith, Jr.

46 En Ek sal seëninge vermenigvuldig op die huis van my dienskneg Joseph Smith, Jr., in soverre hy getrou is, en wel ′n menigvuldigheid van seëninge.

47 En nou, ′n gebod gee Ek aan julle betreffende Sion, dat julle nie langer gebonde sal wees as ′n verenigde orde aan julle broers van Sion nie, behalwe op hierdie wyse—

48 Nadat julle georganiseer is, sal julle die Verenigde Orde van die [a]Pen van Sion genoem word, die Stad Kirtland. En julle broers, nadat hulle georganiseer is, sal die Verenigde Orde van die Stad Sion genoem word.

49 En hulle sal georganiseer word onder hulle eie name, en onder hulle eie naam; en hulle sal hul sake doen onder hulle eie naam, en in hulle eie name;

50 En julle sal julle sake doen onder julle eie naam, en onder julle eie name.

51 En dit het Ek gebied om gedoen te word vir julle behoud, en ook vir hulle behoud, as gevolg daarvan dat hulle [a]uitgedryf is en dit wat sal kom.

52 Aangesien die [a]verbonde verbreek is deur oortreding, deur [b]hebsug en geveinsde woorde—

53 Daarom, julle word ontbind as ′n verenigde orde met julle broers, sodat julle slegs gebonde is aan hulle tot hierdie uur, slegs op hierdie wyse, soos Ek gesê het, deur ′n lening soos ooreengekom sal word deur hierdie orde in raadsitting, soos julle omstandighede sal toelaat en die stem van die raad sal aandui.

54 En verder, ′n gebod gee Ek aan julle betreffende julle rentmeesterskap wat Ek aan julle toegewys het.

55 Kyk, al hierdie besittings is myne, of anders is julle geloof tevergeefs, en julle word huigelaars bevind, en die verbonde wat julle met My aangegaan het, is verbreek;

56 En indien die besittings myne is, dan is julle [a]rentmeesters; andersins is julle nie rentmeesters nie.

57 Maar, voorwaar Ek sê vir julle, Ek het julle aangestel om rentmeesters te wees oor my huis, en wel rentmeesters inderdaad.

58 En vir hierdie doel het Ek julle gebied om julleself te organiseer,

45 *a* L&V 90:20.
GS Smith, Joseph, Snr.
48 *a* L&V 82:13; 94:1; 109:59.
GS Pen.
51 *a* L&V 109:47.
52 *a* GS Verbond.
*b* GS Begeer.
56 *a* GS Rentmeester, Rentmeesterskap.

naamlik om [a]my woorde te druk, die volheid van my skrifture, die openbarings wat Ek aan julle gegee het, en wat Ek hierna, van tyd tot tyd aan julle sal gee—

59 Vir die doel om my kerk en koninkryk op die aarde op te bou, en om my volk voor te berei vir die [a]tyd wanneer Ek met hulle sal [b]woon, wat op hande is.

60 En julle sal vir julleself ′n plek vir die tesourie voorberei, en dit toewy tot my Naam.

61 En julle sal een onder julle aanstel om die tesourie te bestuur, en hy sal geordineer word tot hierdie seëning.

62 En daar sal ′n seël op die tesourie wees, en al die heilige dinge sal in die tesourie oorgelewer word; en niemand onder julle sal dit sy eie noem nie, of enige deel daarvan nie, want dit sal aan julle almal saam behoort.

63 En Ek gee dit aan julle vanaf hierdie uur; en nou sien toe dat julle gaan en gebruikmaak van die rentmeesterskap wat Ek toegeken het aan julle, behalwe die heilige dinge, vir die doel om hierdie heilige dinge te druk soos Ek gesê het.

64 En die [a]winste van die heilige dinge moet in die tesourie gehou word, en ′n seël sal daarop wees; en dit sal nie gebruik of uit die tesourie geneem word deur enigeen nie, nóg sal die seël gebreek word wat daarop geplaas sal word, slegs deur die stem van die orde, of deur gebod.

65 En so sal julle die winste van die heilige dinge in die tesourie bewaar, vir heilige en gewyde doeleindes.

66 En dit sal die heilige tesourie van die Here genoem word; en ′n seël sal daarop gehou word sodat dit heilig mag wees en toegewy word aan die Here.

67 En weer, daar sal ′n ander tesourie voorberei word, en ′n tesourier aangestel word om die tesourie te bestuur, en ′n seël sal daarop geplaas word.

68 En alle geld wat julle ontvang in julle rentmeesterskappe, deur die verbetering van die besittings wat Ek aan julle toegewys het, in huise, of in grond, of in vee, of in alle dinge behalwe die heilige en gewyde geskrifte, wat Ek vir Myself afgesonder het vir heilige en gewyde doeleindes, sal in die tesourie gewerp word so vinnig as wat julle die geld ontvang, in honderd, of in vyftig, of in twintig, of in tien, of in vyf.

69 Of met ander woorde, indien enigeen onder julle vyf dollar verkry, laat hy dit in die tesourie werp; of as hy tien verkry, of twintig, of vyftig, of ′n honderd, laat hom ook so doen;

70 En moenie dat enige onder julle sê dat dit sy eie is nie, want dit sal nie syne genoem word nie, nóg enige deel daarvan.

71 En geen deel daarvan sal gebruik word, of uit die tesourie geneem word nie, slegs deur die

58*a* GS Joseph Smith Vertaling (JSV).

59*a* GS Millennium.
*b* L&V 1:35–36; 29:9–11.

64*a* DI winste, inkomste.

stem en algemene instemming van die orde.

72 En dit sal die stem en algemene instemming van die orde wees—dat enigeen onder julle vir die tesourier sê: Ek het dit nodig om my te help in my rentmeesterskap—

73 Indien dit vyf dollar is, of indien dit tien dollar is, of twintig, of vyftig, of 'n honderd, sal die tesourier aan hom die bedrag gee wat hy benodig om hom te help in sy rentmeesterskap—

74 Tot hy bevind word as oortreder, en dit word duidelik geopenbaar deur die raad van die orde dat hy 'n ontroue en [a]onverstandige rentmeester is.

75 Maar solank as wat hy in volle deelgenootskap is, en getrou is en verstandig in sy rentmeesterskap, sal dit sy teken wees vir die tesourier dat die tesourier nie sal terughou nie.

76 Maar in die geval van oortreding, sal die tesourier onderworpe wees aan die raad en die stem van die orde.

77 En in die geval dat 'n tesourier 'n ontroue en onverstandige rentmeester bevind word, sal hy onderworpe wees aan die raad en stem van die orde, en hy sal vanuit sy plek verwyder word, en [a]'n ander sal in sy plek aangestel word.

78 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, betreffende julle skuld—kyk, dit is my wil dat julle al julle [a]skuld sal [b]betaal.

79 En dit is my wil dat julle julself sal [a]verootmoedig voor My, en hierdie seëning verkry deur julle [b]ywer en nederigheid en die gebed van geloof.

80 En in soverre julle ywerig en nederig is, en die [a]gebed van geloof beoefen, kyk, Ek sal die harte versag van diegene by wie julle in die skuld is, totdat Ek die middele vir julle stuur vir julle bevryding.

81 Daarom, skryf spoediglik aan New York en skryf volgens dit wat deur my [a]Gees gegee sal word; en Ek sal die harte versag van diegene by wie julle in die skuld is, dat dit weggeneem sal word uit hulle gedagtes om verdrukking oor julle te bring.

82 En in soverre julle [a]nederig en getrou is en my Naam aanroep, kyk, Ek sal julle die [b]oorwinning gee.

83 Ek gee aan julle 'n belofte, dat julle hierdie een keer verlos sal word uit julle gebondenheid.

84 In soverre julle 'n geleentheid verkry om geld te leen in honderde, of duisende, en wel tot julle genoeg sal leen om julle te verlos van gebondenheid, is dit julle voorreg.

85 En verpand die besittings wat Ek in julle hande geplaas het, hier een keer, deur julle name te

74*a* Lk. 16:1–12.
77*a* L&V 107:99–100.
78*a* GS Skuld.
*b* L&V 42:54.
79*a* GS Nederig, Nederigheid.
*b* GS Ywer.
80*a* Jak. 5:15.
81*a* GS Heilige Gees.
82*a* Lk. 14:11; L&V 67:10.
*b* L&V 103:36.

verskaf deur algemene instemming of andersins, soos julle dit goeddink.

86 Ek gee aan julle hierdie voorreg, hierdie een keer; en kyk, as julle voortgaan om die dinge te doen wat Ek voor julle gelê het, volgens my gebooie, al hierdie dinge is myne, en julle is my rentmeesters, en die meester sal nie toelaat dat sy huis opgebreek word nie. Dit is so. Amen.

## AFDELING 105

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, by die Fishing-rivier, Missouri, 22 Junie 1834. Onder leierskap van die Profeet, het Heiliges van Ohio en ander areas na Missouri gemarsjeer in 'n ekspedisie wat later bekend gestaan het as Sion se Kamp. Hulle doel was om die verbande Missouri Heiliges terug te begelei na hulle lande in Jackson-distrik. Missouriërs wat voorheen die Heiliges vervolg het, het vergelding deur Sion se Kamp gevrees en 'n voorsprong aanval teen sommige Heiliges wat in Clay-distrik, Missouri, gewoon het, geloods. Nadat die goewerneur van Missouri sy belofte om die Heiliges te ondersteun, teruggetrek het, het Joseph Smith hierdie openbaring ontvang.*

*1–5, Sion sal opgebou word in ooreenstemming met die selestiale wet; 6–13, Die herstelling van Sion word vir 'n kort rukkie uitgestel; 14–19, Die Here sal die veldslae van Sion veg; 20–26, Die Heiliges moet verstandig wees en nie roem op magtige werke terwyl hulle versamel nie; 27–30, Grond in die Jackson- en ander distrikte moet gekoop word; 31–34, Die ouderlinge moet 'n begiftiging in die huis van die Here in Kirtland ontvang; 35–37, Heiliges wat beide geroep en gekies word, sal geheilig word; 38–41, Die Heiliges moet 'n vaandel van vrede tot die wêreld ophef.*

VOORWAAR Ek sê vir julle wat julleself byeen versamel het sodat julle my wil mag leer betreffende die [a]herstelling van my verdrukte volk—

2 Kyk, Ek sê vir julle, as dit nie was vir die [a]oortredings van my volk nie, sprekende betreffende die kerk en nie individue nie, mag hulle selfs nou al herstel gewees het.

3 Maar kyk, hulle het nie geleer om gehoorsaam te wees aan die dinge wat Ek van hulle hande vereis het nie, maar is gevul met allerlei soorte boosheid, en [a]deel nie hulle besittings, soos dit heiliges

**105** 1*a* L&V 100:13.
2*a* L&V 104:4–5, 52.
3*a* Hand. 5:1–11; L&V 42:30. GS Toewy, Wet van Toewyding.

betaam, met die armes en verdruktes onder hulle nie;

4 En is nie [a]verenig ooreenkomstig die eenheid vereis deur die wet van die selestiale koninkryk nie;

5 En [a]Sion kan nie opgebou word [b]tensy dit deur die beginsels van die [c]wet van die selestiale koninkryk is nie; anders kan Ek haar nie tot myself ontvang nie.

6 En my volk moet noodwendig [a]gekasty word tot hulle [b]gehoorsaamheid leer, indien nodig, deur die dinge wat hulle ly.

7 Ek spreek nie aangaande diegene wat aangestel is om my volk te lei nie, wat die [a]eerste ouderlinge van my kerk is, want hulle is nie almal onder hierdie veroordeling nie;

8 Maar Ek spreek aangaande my kerke elders—daar is vele wat sal sê: Waar is hulle God? Kyk, Hy sal hulle verlos in tye van nood, anders sal ons nie opgaan na Sion nie, en ons sal ons geld hou.

9 Daarom, as gevolg van die [a]oortredings van my volk, is dit raadsaam in My dat my ouderlinge vir ′n kort tydjie moet wag vir die herstelling van Sion—

10 Sodat hulle self voorbereid mag wees, en dat my volk meer volledig onderrig mag word, en ervaring hê, en meer volledig weet aangaande hulle [a]plig, en die dinge wat Ek van hulle hande vereis.

11 En dit kan nie teweeggebring word tot my [a]ouderlinge [b]begiftig word met krag van omhoog nie.

12 Want kyk, Ek het ′n groot begiftiging en seëning voorberei om [a]uitgestort te word op hulle, in soverre hulle getrou is en voortgaan in ootmoed voor My.

13 Daarom is dit raadsaam in my dat my ouderlinge vir ′n kort tydjie moet wag vir die herstelling van Sion.

14 Want kyk, Ek vereis nie van hulle hande om die veldslae van Sion te veg nie; want; soos Ek gesê het in ′n vorige gebod, net so sal Ek vervul—Ek sal julle veldslae [a]veg.

15 Kyk, die [a]vernietiger het Ek uitgestuur om my vyande te vernietig en te verwoes; en nie vele jare van nou af sal hulle nie gelaat word om my erfenis te besoedel nie, en om my Naam te [b]laster op die grond wat Ek [c]geheilig het vir die versameling van my heiliges.

16 Kyk, Ek het my dienskneg Joseph Smith, Jr., gebied om aan die [a]sterkte van my huis te sê, naamlik my krygers, my jong manne, en die middeljariges, om byeen te versamel vir die herstelling van my volk, en die torings

4*a* L&V 78:3–7.
5*a* GS Sion.
*b* L&V 104:15–16.
*c* L&V 88:22.
6*a* L&V 95:1–2. GS Kasty, Kastyding.
*b* GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
7*a* L&V 20:2–3.
9*a* L&V 103:4.
10*a* GS Plig.
11*a* GS Ouderling.
*b* L&V 38:32; 95:8. GS Begiftiging.
12*a* L&V 110.
14*a* Jos. 10:12–14; Jes. 49:25; L&V 98:37.
15*a* L&V 1:13–14.
*b* L&V 112:24–26. GS Laster, Godslastering.
*c* L&V 84:3–4; 103:35.
16*a* L&V 101:55; 103:22, 30.

neer te werp van my vyande, en hulle [b]wagte te verstrooi.

17 Maar die sterkte van my huis het nie ag geslaan op my woorde nie.

18 Maar in soverre daar diegene is wat ag geslaan het op my woorde, het Ek ′n seëning en ′n [a]begiftiging vir hulle voorberei, indien hulle getrou bly.

19 Ek het hulle gebede gehoor, en sal hulle offerande aanvaar; en dit is raadsaam in My dat hulle so ver gebring word vir ′n beproewing van hulle [a]geloof.

20 En nou, voorwaar, Ek sê vir julle, ′n gebod gee Ek aan julle, dat soveel as wat hierheen gekom het, wat in die streek rondomheen kan bly, laat hulle bly;

21 En diegene wat nie kan bly nie, wat families het in die ooste, laat hulle vertoef vir ′n kort tydjie, in soverre my dienskneg Joseph vir hulle sal aandui.

22 Want Ek sal hom raadgee aangaande hierdie saak, en alle dinge wat hy ook al sal aandui vir hulle, sal vervul word.

23 En laat my hele volk wat woon in die streke rondomheen baie getrou wees, en voortdurend bid, en nederig wees voor my, en nie die dinge bekendmaak wat Ek aan hulle geopenbaar het nie, totdat dit wysheid in My is dat hulle geopenbaar word.

24 Praat nie van oordele nie, [a]spog nie oor geloof of magtige werke nie, maar kom met sorgvuldigheid byeen, soveel as moontlik in een streek, ooreenkomstig die gevoelens van die volk.

25 En kyk, Ek sal aan julle guns en genade gee in hulle oë, sodat julle in [a]vrede en veiligheid mag rus, terwyl julle vir die volk sê: Oefen oordeel en geregtigheid uit vir ons ooreenkomstig die wet, en vergoed ons vir ongereg ons aangedoen.

26 Nou, kyk, Ek sê vir julle my vriende, op hierdie wyse mag julle guns vind in die oë van die volk, tot die [a]leër van Israel baie groot word.

27 En Ek sal die harte van die volk versag, soos Ek die hart van [a]Farao versag het, van tyd tot tyd, tot my dienskneg Joseph Smith, Jr., en my ouderlinge, wat Ek aangestel het, tyd sal hê om die sterkte van my huis bymekaar te maak.

28 En om [a]verstandige manne uit te stuur om dit te vervul wat Ek gebied het aangaande die [b]koop van al die grond in die Jackson-distrik wat gekoop kan word, en in die aangrensende distrikte rondomheen.

29 Want dit is my wil dat hierdie grond gekoop moet word; en nadat hulle gekoop is, dat my heiliges hulle sal besit ooreenkomstig die [a]wette van toewyding wat Ek gegee het.

16 *b* GS Waak, Wagte.
18 *a* L&V 110:8–10.
19 *a* GS Geloof, Glo.
24 *a* L&V 84:73. GS Hoogmoed.
25 *a* GS Vrede.
26 *a* Joël 2:11.
27 *a* Gén. 47:1–12.
28 *a* L&V 101:73.
*b* L&V 42:35–36.
29 *a* L&V 42:30. GS Toewy, Wet van Toewyding; Verenigde Orde.

30 En nadat hierdie grond ge-
koop is, sal Ek die [a]leërs van Israel
onskuldig beskou as hulle besit
neem van hul eie grond, wat hulle
voorheen gekoop het met hulle
geld, en van die neerwerping van
die torings van my vyande wat
op hulle mag wees, en die ver-
strooiing van hulle wagte, en die
[b]wraakneming van My en my vy-
ande tot die derde en vierde ge-
slag van hulle wat My haat.
31 Maar laat my leër eers baie
groot word, en laat dit [a]geheilig
word voor My, sodat dit so mooi
soos die son en helder soos die
[b]maan word, en sodat haar ba-
niere verskriklik mag wees vir
alle nasies;
32 Sodat die koninkryke van
hierdie wêreld gedwing mag
word om te erken dat die ko-
ninkryk van Sion inderdaad die
[a]koninkryk van ons God en sy
Christus is; daarom, laat ons [b]on-
derhewig word aan haar wette.
33 Voorwaar, Ek sê vir julle, dit
is raadsaam in My dat die eer-
ste ouderlinge van my kerk hul
[a]begiftiging van omhoog moet
ontvang in my huis, wat Ek ge-
bied het gebou moet word vir my
Naam in die land Kirtland.
34 En laat daardie gebooie wat
Ek gegee het aangaande Sion en
haar [a]wet uitgevoer en vervul
word, na haar herstelling.
35 Daar was 'n dag van [a]roe-
ping, maar die tyd het gekom vir
'n dag van verkiesing; en laat die-
gene gekies word wat [b]waardig is.
36 En dit sal geopenbaar word
aan my dienskneg, deur die stem
van die Gees, diegene wat [a]ge-
kies word; en hulle sal [b]geheilig
word;
37 En in soverre hulle die [a]raad
volg wat hulle ontvang, sal hulle
mag hê na vele dae om alle dinge
te volbring betreffende Sion.
38 En verder sê Ek vir julle, doen
'n beroep om vrede, nie net op die
mense wat julle getref het nie,
maar ook op alle mense;
39 En hef 'n [a]vaandel van
[b]vrede op, en maak 'n verklaring
van vrede tot die eindes van die
aarde;
40 En maak verklarings van
vrede aan diegene wat julle ge-
tref het, volgens die stem van die
Gees wat in julle is, en [a]alle dinge
sal ten goede meewerk vir julle.
41 Daarom, wees getrou; en kyk,
en sien, [a]Ek is met julle en wel tot
die einde. Dit is so. Amen.

30 *a* L&V 35:13–14; 101:55; 103:22, 26.
*b* L&V 97:22.
31 *a* GS Heiligmaking.
*b* Hoogl. 6:10; L&V 5:14; 109:73.
32 *a* Openb. 11:15. GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
*b* GS Regering.
33 *a* L&V 95:8–9. GS Begiftiging.
34 *a* DI L&V 42 staan bekend as die "Wet."
35 *a* GS Roep, Geroepe van God, Roeping.
*b* GS Waardig, Waardigheid.
36 *a* L&V 95:5. GS Kies, Gekies, Gekose.
*b* GS Heiligmaking.
37 *a* GS Raad.
39 *a* GS Vaandel.
*b* GS Vrede.
40 *a* Rom. 8:28; L&V 90:24; 100:15.
41 *a* Matt. 28:19–20.

# AFDELING 106

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 25 November 1834. Hierdie openbaring is gerig aan Warren A. Cowdery, ʼn ouer broer van Oliver Cowdery.*

*1–3, Warren A. Cowdery word geroep as ʼn plaaslike presiderende beampte; 4–5, Die Tweede Koms sal die kinders van die lig nie oorval soos ʼn dief nie; 6–8, Groot seëninge volg getroue diens in die Kerk.*

DIT is my wil dat my dienskneg Warren A. Cowdery aangestel en geordineer word as ʼn presiderende hoëpriester oor my kerk, in die land [a]Freedom en die streke rondomheen;

2 En moet my ewigdurende evangelie predik, en sy stem verhef en die volk waarsku, nie slegs in sy eie plek nie, maar in die aangrensende distrikte;

3 En al sy tyd toewy aan hierdie hoë en heilige roeping, wat Ek nou aan hom gee, en ywerig die [a]koninkryk van die hemel en al sy regverdigheid [b]soek, en alle noodsaaklike dinge sal daaraan bygevoeg word; want die [c]arbeider is sy loon werd.

4 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, die [a]koms van die Here [b]kom nader, en dit oorval die wêreld soos ʼn [c]dief in die nag—

5 Daarom, omgord julle lendene, sodat julle die kinders van die [a]lig mag wees, en daardie dag sal julle nie [b]oorval soos ʼn dief nie.

6 En verder sê Ek vir julle, daar was vreugde in die hemel toe my dienskneg Warren neergebuig het voor my septer, en hom afgesonder het van die bedrieërye van mense;

7 Daarom, geseënd is my dienskneg Warren, want Ek sal barmhartigheid hê oor hom; en, nieteenstaande die [a]ydelheid van sy hart, sal Ek hom verhef insoverre hy homself voor My sal verootmoedig.

8 En Ek sal hom [a]genade en versekering skenk waarmee hy mag staan; en indien hy volhard om ʼn betroubare getuie te wees en ʼn lig vir die kerk, het Ek ʼn kroon vir hom voorberei in die [b]wonings van my Vader. Dit is so. Amen.

**106** 1*a* DI die stad Freedom, New York, en omstreke.
3*a* GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
*b* Matt. 6:33.
*c* Matt. 10:10; L&V 31:5.
4*a* Jak. 5:8.
*b* GS Laaste Dae.
*c* 1 Thes. 5:2.
5*a* GS Lig, Lig van Christus.
*b* Openb. 16:15.
7*a* GS Ydel, Ydelheid.
8*a* GS Genade.
*b* Joh. 14:2; Ether 12:32–34; L&V 59:2; 76:111; 81:6; 98:18.

# AFDELING 107

*Openbaring oor die priesterskap, gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, ongeveer April 1835. Alhoewel hierdie afdeling in 1835 opgeteken is, bevestig die historiese verslae dat meeste van verse 60 tot 100 ′n openbaring gegee deur Joseph Smith op 11 November 1831 insluit. Hierdie afdeling is geassosieer met die organisasie van die Kworum van die Twaalf in Februarie en Maart 1835. Die Profeet het dit waarskynlik gegee in die teenwoordigheid van diegene wat besig was om voor te berei om op hulle eerste kworumsending te vertrek op 3 Mei 1835.*

*1–6, Daar is twee priesterskappe: die Melgisédekse en Aäroniese; 7–12, Diegene wat die Melgisédekse Priesterskap hou, het die mag om op te tree in al die ampte van die Kerk; 13–17, Die bisdom presideer oor die Aäroniese Priesterskap wat die uiterlike ordinansies bedien; 18–20, Die Melgisédekse Priesterskap hou die sleutels van alle geestelike seëninge; die Aäroniese Priesterskap hou die sleutels van die bediening van engele; 21–38, Die Eerste Presidensie, die Twaalf, en die Sewentig vorm die presiderende kworums, wie se beslissings in eenheid en regverdigheid gemaak moet word; 39–52, Die patriargale orde is vanaf Adam tot Noag gevestig; 53–57, Antieke Heiliges het byeengekom by Adam-ondi-Ahman, en die Here het aan hulle verskyn; 58–67, Die Twaalf moet die ampsdraers van die Kerk organiseer; 68–76, Biskoppe dien as algemene regters in Israel; 77–84, Die Eerste Presidensie en die Twaalf vorm die hoogste hof in die Kerk; 85–100, Priesterskappresidente bestuur hul onderskeie kworums.*

DAAR is in die kerk twee priesterskappe, naamlik die [a]Melgisédekse en [b]Aäroniese, insluitende die Levitiese Priesterskap.
2 Waarom die eerste die Melgisédekse Priesterskap genoem word, is omdat [a]Melgisédek so ′n groot hoëpriester was.
3 Voor sy dag is dit *die Heilige Priesterskap, volgens die* [a]*Orde van die Seun van God* genoem.
4 Maar uit respek of [a]eerbied vir die Naam van die Opperwese, om die herhaaldelike gebruik van sy Naam te vermy, het hulle, die kerk, in antieke dae, die priesterskap vernoem na Melgisédek, of die Melgisédekse Priesterskap.
5 Alle ander gesagsdraers of ampte in die kerk is [a]aanhangsels van hierdie priesterskap.
6 Maar daar is twee afdelings of groot hoofde—een is die

**107** 1*a* GS Melgisédekse Priesterskap.
*b* GS Aäroniese Priesterskap.
2*a* JSV Gén. 14:25–40 (Bylae); L&V 84:14. GS Melgisédek.
3*a* Alma 13:3–19; L&V 76:57.
4*a* GS Eerbied.
5*a* L&V 84:29; 107:14.

Melgisédekse Priesterskap, en die ander is die Ääroniese of [a]Levitiese Priesterskap.

7 Die amp van ′n [a]ouderling val onder die priesterskap van Melgisédek.

8 Die Melgisédekse Priesterskap hou die reg van presidensie, en het mag en [a]gesag oor al die ampte in die kerk in alle tydperke van die wêreld, om geestelike dinge te bedien.

9 Die [a]Presidensie van die Hoëpriesterskap, volgens die orde van Melgisédek, het ′n reg om in al die ampte van die kerk op te tree.

10 [a]Hoëpriesters volgens die orde van die Melgisédekse Priesterskap het ′n [b]reg om op te tree in hulle eie hoedanigheid, onder die leiding van die presidensie, in die bediening van geestelike dinge, en ook in die amp van ′n ouderling, priester (van die Levitiese orde), leraar, diaken en lid.

11 ′n Ouderling het ′n reg om op te tree in sy plek wanneer die hoëpriester nie teenwoordig is nie.

12 Die hoëpriester en ouderling moet geestelike dinge bedien, ooreenkomstig die verbonde en gebooie van die kerk; en hulle het ′n reg om op te tree in al hierdie ampte van die kerk wanneer daar nie hoër gesagsdraers teenwoordig is nie.

13 Die tweede priesterskap word die [a]Priesterskap van Ääron genoem, omdat dit toegeken is aan [b]Ääron en sy saad, deur al hulle geslagte heen.

14 Waarom dit die mindere priesterskap genoem word, is omdat dit ′n [a]aanhangsel is van die grotere, of die Melgisédekse Priesterskap, en het die mag om uiterlike ordinansies te bedien.

15 Die [a]bisdom is die presidensie van hierdie priesterskap, en hou die sleutels of gesag daarvan.

16 Geen man het ′n wetlike reg tot hierdie amp, om die sleutels van hierdie priesterskap te hou, tensy hy ′n [a]letterlike afstammeling van Ääron is nie.

17 Maar omdat ′n hoëpriester van die Melgisédekse Priesterskap gesag het om op te tree in al die mindere ampte, mag hy optree in die amp van biskop wanneer geen letterlike afstammeling van Ääron gevind kan word nie, op voorwaarde dat hy geroep en afgesonder en [a]geordineer word tot hierdie mag deur die hande van die [b]Presidensie van die Melgisédekse Priesterskap.

18 Die mag en gesag van die hoër, of Melgisédekse Priesterskap, is om die [a]sleutels te hou van al die geestelike seëninge van die kerk—

6*a* Deut. 10:8–9.
7*a* GS Ouderling.
8*a* GS Gesag.
9*a* L&V 81:2; 107:22, 65–67, 91–92.
10*a* GS Hoëpriester.
*b* L&V 121:34–37.
13*a* GS Äroniese Priesterskap.
*b* GS Äaron, Broer van Moses.
14*a* L&V 20:52; 107:5.
15*a* GS Biskop.
16*a* L&V 68:14–21; 107:68–76.
17*a* GS Ordineer, Ordinering.
*b* L&V 68:15.
18*a* GS Sleutels van die Priesterskap.

19 Om die voorreg te hê om die [a]verborgenhede van die koninkryk van die hemel te ontvang, om die hemele aan hulle geopen te hê, om gemeenskap te hê met die [b]algemene samekoms en kerk van die Eersgeborene, en om die gemeenskap en teenwoordigheid van God die Vader, en Jesus die [c]Middelaar van die nuwe verbond te geniet.

20 Die mag en gesag van die mindere, of Aäroniese Priesterskap, is om die [a]sleutels te hou van die bediening van engele, en die bediening van uiterlike [b]ordinansies, die letter van die evangelie, die [c]doop van bekering vir die [d]vergifnis van sondes, ooreenkomstig die verbonde en gebooie.

21 Noodsaaklikerwys is daar presidente, of presiderende amptenare wat spruit uit, of aangestel deur of vanuit diegene wat georddineer is tot die onderskeie ampte in hierdie twee priesterskappe.

22 Vanuit die [a]Melgisédekse Priesterskap, vorm drie [b]Presiderende Hoëpriesters, gekies deur die liggaam, aangestel en georddineer tot daardie amp, en [c]ondersteun deur die vertroue, geloof, en gebed van die kerk, ′n kworum van die Presidensie van die Kerk.

23 Die [a]twaalf reisende raadslede word geroep om die Twaalf [b]Apostels te wees, of spesiale getuies van die Naam van Christus in die ganse wêreld—en verskil dus van ander ampsdraers in die kerk in die pligte van hulle roeping.

24 En hulle vorm ′n kworum, gelyk in gesag en mag aan die drie presidente voorheen genoem.

25 Die [a]Sewentig word ook geroep om die evangelie te predik, en om spesiale getuies te wees vir die nie-Jode en in die ganse wêreld—en verskil dus van ander ampsdraers in die kerk in die pligte van hulle roeping.

26 En hulle vorm ′n kworum, gelyk in gesag aan dié van die Twaalf spesiale getuies of Apostels bo genoem.

27 En elke besluit geneem deur enige van hierdie kworums moet geskied deur die eenparige stem daarvan; dit is, elke lid in elke kworum moet saamstem met die besluit daarvan, om hulle besluite dieselfde krag en geldigheid te gee die een met die ander—

28 ′n Meerderheid mag ′n kworum vorm wanneer omstandighede dit andersins onmoontlik maak—

29 Tensy dit die geval is, is hul besluite nie geregtig op dieselfde seëninge wat die besluite van ′n kworum van drie presidente in

19*a* Alma 12:9–11; L&V 63:23; 84:19–22. GS Verborgenhede van God.
*b* Hebr. 12:22–24.
*c* GS Middelaar.
20*a* L&V 13; 84:26–27.
*b* GS Ordinansies.
*c* GS Doop.
*d* GS Vergifnis van Sondes.
22*a* GS Melgisédekse Priesterskap.
*b* L&V 90:3, 6; 107:9, 65–67, 78–84, 91–92.
*c* GS Onderskraging van Kerkleiers.
23*a* L&V 107:33–35.
*b* GS Apostel.
25*a* GS Sewentig.

antieke tye was nie, wat geordineer is volgens die orde van Melgisédek, en regverdige en heilige manne was.

30 Die besluite van hierdie kworums, of enigeen van hulle, moet geneem word in alle [a]regverdigheid, in heiligheid, en nederigheid van hart, sagmoedigheid, en lankmoedigheid, en in geloof, en [b]deug, en kennis, selfbeheersing, geduld, goddelikheid, broederliefde en naasteliefde;

31 Want die belofte is, indien hierdie dinge oorvloedig in hulle is, sal hulle nie [a]onvrugbaar wees in die kennis van die Here nie.

32 En in geval enige besluit van hierdie kworums in ongeregtigheid gemaak word, mag dit voor ʼn algemene samekoms van die onderskeie kworums gebring word, wat die geestelike gesagsdraers van die kerk uitmaak; andersins kan daar geen appèl wees teen hul besluit nie.

33 Die Twaalf is ʼn Reisende Presiderende Hoëraad, om op te tree in die Naam van die Here, onder die leiding van die Presidensie van die Kerk, ooreenkomstig die instelling van die hemel; en bestuur al die sake daarvan in alle nasies, eerstens vir die [a]nie-Jode en tweedens vir die Jode.

34 Die Sewentig moet in die Naam van die Here optree, onder die leiding van die [a]Twaalf of die reisende hoëraad, om die kerk op te bou en die sake daarvan te beheer in alle nasies, eers vir die nie-Jode en dan vir die Jode—

35 Die Twaalf word uitgestuur, en hou die sleutels, om die deur te open deur die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus, en eerste vir die nie-Jode en dan aan die Jode.

36 Die staande [a]hoërade, in die penne van Sion, vorm ʼn kworum gelyk in gesag in die sake van die kerk, in al hul besluite, aan die kworum van die presidensie, of aan die reisende hoëraad.

37 Die hoëraad in Sion vorm ʼn kworum gelyk in gesag in die sake van die kerk, in al hul besluite, aan die rade van die Twaalf in die penne van Sion.

38 Dit is die plig van die reisende hoëraad om ʼn beroep te doen op die [a]Sewentig, wanneer hulle hulp nodig het, om die onderskeie versoeke te vervul om die evangelie te predik en te bedien, in plaas van enige ander.

39 Dit is die plig van die Twaalf, in alle groot takke van die kerk, om [a]evangeliese bedienaars te ordineer, soos hulle deur openbaring aan hulle aangedui sal word—

40 Die orde van hierdie priesterskap is gevestig om oorhandig te word van vader tot seun, en behoort regtens aan die letterlike

30 *a* L&V 121:36. GS Regverdigheid, Regverdig.
*b* L&V 121:41. GS Deugsaamheid.
31 *a* 2 Petr. 1:5–8.
33 *a* 1 Ne. 13:42; 3 Ne. 16:4–13; L&V 90:8–9.
34 *a* L&V 112:21.
36 *a* GS Hoëraad.
38 *a* GS Sewentig.
39 *a* GS Evangelis; Patriarg, Patriargaal.

afstammelinge van die gekose saad, aan wie die beloftes gemaak is.

41 Hierdie orde is ingestel in die dae van [a]Adam, en is deur [b]afstamming op die volgende wyse oorgedra:

42 Van Adam tot [a]Set, wat georddineer is deur Adam op die ouderdom van nege en sestig jaar, en is drie jaar voor sy (Adam se) dood geseën, en die belofte van God ontvang het deur sy vader, dat sy nageslag deur die Here gekies sou word, en dat hulle bewaar sou word tot die einde van die aarde;

43 Want hy (Set) was 'n [a]volmaakte man, en sy [b]gelykenis was die presiese gelykenis van sy vader, in soverre dat hy soos sy vader gelyk het in alle dinge, en kon slegs van hom onderskei word vanweë sy ouderdom.

44 Enos is geordineer op die ouderdom van eenhonderd vier en dertig jaar en vier maande, deur die hand van Adam.

45 God het Kenan in die wildernis geroep in die veertigste jaar van sy ouderdom; en hy het Adam ontmoet op reis na die plek Sjedolamak. Hy was agt en sewentig jaar oud toe hy sy ordinering ontvang het.

46 Mahalálel was vierhonderd ses en negentig jaar en sewe dae oud toe hy geordineer is deur die hand van Adam, wat hom ook geseën het.

47 Jered was tweehonderd jaar oud toe hy onder die hand van Adam geordineer is, wat hom ook geseën het.

48 [a]Henog was vyf en twintig jaar oud toe hy onder die hand van Adam geordineer is; en hy was vyf en sestig en Adam het hom geseën.

49 En hy het die Here gesien, en met Hom gewandel, en hy was voortdurend voor sy aangesig; en hy het driehonderd vyf en sestig jaar met God [a]gewandel, wat hom vierhonderd en dertig jaar oud gemaak het toe hy [b]getransformeer is.

50 [a]Metúsalag was een honderd jaar oud toe hy onder die hand van Adam geordineer is.

51 Lameg was twee en dertig jaar oud toe hy onder die hand van Set geordineer is.

52 [a]Noag was tien jaar oud toe hy onder die hand van Metúsalag geordineer is.

53 Drie jaar voor die dood van Adam, het hy Set, Enos, Kenan, Mahalálel, Jered, Henog en Metúsalag byeengeroep, wat almal [a]hoëpriesters was, met die res van sy nageslag wat regverdig was, na die vallei van [b]Adam-ondi-Ahman, en het daar oor hulle sy laaste seëning uitgespreek.

41 *a* GS Adam.
*b* Gén. 5; L&V 84:6–16; Moses 6:10–25.
42 *a* GS Set.
43 *a* GS Volmaak.
*b* Gén. 5:3.
48 *a* GS Henog.
49 *a* Gén. 5:22; Hebr. 11:5; Moses 7:69.
*b* GS Getransfigureerde Wesens.
50 *a* GS Metúsalag.
52 *a* GS Noag, Bybelse Patriarg.
53 *a* GS Hoëpriester.
*b* L&V 78:15; 116. GS Adam-ondi-Ahman.

54 En die Here het aan hulle verskyn, en hulle het opgestaan en [a]Adam geseën, en hom [b]Mígael, die prins, die aartsengel, genoem.
55 En die Here het vertroosting aan Adam gegee, en vir hom gesê: Ek het jou aangestel om aan die hoof te wees; 'n skare van nasies sal uit jou voortkom, en jy is 'n [a]prins oor hulle vir ewig.
56 En Adam het in die midde van die samekoms opgestaan; en, nieteenstaande hy geboë was vanweë ouderdom, vervul met die Heilige Gees, het hy [a]voorspel wat ook al met sy nageslag sou gebeur tot die laaste geslag.
57 Hierdie dinge is alles in die boek van Henog geskryf, en sal op die regte tyd van getuig word.
58 Dit is die plig van die [a]Twaalf, ook, om al die ander ampsdraers van die kerk te [b]ordineer en te organiseer, ooreenkomstig die openbaring wat sê:
59 Aan die kerk van Christus in die land Sion, bykomend tot die kerklike [a]wette betreffende kerklike sake—
60 Voorwaar, Ek sê vir julle, sê die Here van die Leërskare, daar moet noodwendig [a]presiderende ouderlinge wees om te presideer oor diegene wat die amp van 'n ouderling beklee;
61 En ook [a]priesters om te presideer oor diegene wat die amp van 'n priester beklee;
62 En ook leraars om te [a]presideer oor diegene wat die amp van 'n leraar beklee; op gelyke wyse, en ook die diakens—
63 Daarom, van diaken tot leraar, en van leraar tot priester, en van priester tot ouderling, onderskeidelik soos hulle aangestel word, ooreenkomstig die verbonde en gebooie van die kerk.
64 Dan kom die Hoëpriesterskap, wat die grootste van almal is.
65 Daarom, dit moet noodwendig so wees dat iemand van die Hoëpriesterskap aangestel moet word om te presideer oor die priesterskap, en hy sal die President van die Hoëpriesterskap van die Kerk genoem word;
66 Of, met ander woorde, die [a]Presiderende Hoëpriester oor die Hoëpriesterskap van die Kerk.
67 Van hom kom die bediening van ordinansies en seëninge aan die kerk, deur die [a]oplegging van hande.
68 Daarom, die amp van 'n biskop is nie daaraan gelyk nie, want die amp van 'n [a]biskop is om alle stoflike dinge te bestuur;
69 Nietemin, 'n biskop moet gekies word vanuit die [a]Hoëpriesterskap, tensy hy 'n [b]letterlike afstammeling van Aäron is;

54*a* L&V 128:21. GS Adam.
*b* GS Mígael.
55*a* L&V 78:16.
56*a* Moses 5:10.
58*a* GS Apostel.
*b* GS Ordineer, Ordinering.
59*a* L&V 43:2–9.
60*a* L&V 107:89–90.
61*a* L&V 107:87.
62*a* L&V 107:85–86.
66*a* L&V 107:9, 91–92. GS President.
67*a* GS Hande, Oplegging van.
68*a* GS Biskop.
69*a* GS Melgisédekse Priesterskap.
*b* L&V 68:14–24; 84:18; 107:13–17.

70 Want tensy hy 'n letterlike afstammeling van Aäron is, kan hy nie die sleutels hou van daardie priesterskap nie.

71 Nietemin, 'n hoëpriester, dit is, volgens die orde van Melgisédek, mag afgesonder word vir die bestuur van stoflike dinge, met 'n kennis van hulle deur die Gees van waarheid;

72 En ook om 'n [a]regter in Israel te wees, om die sake van die kerk te behartig, om in oordeel te sit oor oortreders volgens getuienis wat voor hom gelê word volgens die wette, met die hulp van sy raadgewers, wat hy gekies het of sal kies onder die ouderlinge van die kerk.

73 Dit is die plig van 'n biskop wat nie 'n letterlike afstammeling van Aäron is nie, maar geordineer is tot die Hoëpriesterskap volgens die orde van Melgisédek.

74 So sal hy 'n regter wees, naamlik 'n algemene regter onder die inwoners van Sion, of in 'n pen van Sion, of in enige tak van die kerk waar hy afgesonder sal word tot die bediening, tot die grense van Sion vergroot word en dit nodig word om ander biskoppe of regters in Sion of elders te hê.

75 En in soverre ander biskoppe aangestel word, sal hulle optree in dieselfde amp.

76 Maar 'n letterlike afstammeling van Aäron het 'n wetlike reg tot die presidensie van hierdie priesterskap, tot die [a]sleutels van hierdie bediening, om onafhanklik in die amp van biskop op te tree, sonder raadgewers, behalwe in 'n saak waar 'n President van die Hoëpriesterskap, volgens die orde van Melgisédek, verhoor word, om te sit as 'n regter in Israel.

77 En die beslissing van enige van hierdie rade, ooreenkomstig die gebod wat sê:

78 En verder, voorwaar, Ek sê vir julle die belangrikste sake van die kerk, en die [a]moeilikste sake in die kerk, in soverre daar nie tevredenheid is oor die beslissing van die biskop of regters nie, sal oorhandig word en opgedra word aan die raad van die kerk, voor die [b]Presidensie van die Hoëpriesterskap.

79 En die Presidensie van die raad van die Hoëpriesterskap sal die mag hê om ander hoëpriesters te roep, naamlik twaalf, om as raadgewers te help; en dus sal die Presidensie van die Hoëpriesterskap en sy raadgewers die mag hê om te beslis oor getuienis ooreenkomstig die wette van die kerk.

80 En na hierdie beslissing sal dit nie meer in herinnering gebring word voor die Here nie; want dit is die hoogste raad van die kerk van God, en 'n finale beslissing oor twispunte in geestelike sake.

81 Daar is geen persoon wat aan die kerk behoort wat vrygestel is van hierdie raad van die kerk nie.

72*a* L&V 58:17–18.
76*a* GS Sleutels van die Priesterskap.
78*a* L&V 102:13, 28.
*b* L&V 68:22.

82 En in soverre die President
van die Hoëpriesterskap sal oor-
tree, sal hy in herinnering gebring
word voor die algemene raad van
die kerk, wat bygestaan sal word
deur twaalf raadgewers van die
Hoëpriesterskap;
83 En hulle beslissing oor sy
hoof sal ʼn einde van twispunte
betreffende hom wees.
84 Dus, niemand sal vrygestel
wees van die [a]geregtigheid en
die wette van God nie, sodat alle
dinge in orde en erns mag ge-
skied, ooreenkomstig waarheid
en geregtigheid.
85 En weer, voorwaar Ek sê
vir julle, die plig van ʼn presi-
dent oor die amp van ʼn [a]diaken
is om te presideer oor twaalf di-
akens, om in raadsvergadering
te sit met hulle, en om hulle hul
plig te [b]leer, en mekaar op te bou,
soos dit gegee is ooreenkomstig
die verbonde.
86 En ook die plig van die pre-
sident oor die amp van die [a]le-
raars is om te presideer oor vier
en twintig van die leraars, en om
in raadsvergadering te sit met
hulle, en om hulle die pligte te
leer van hulle amp, soos gegee is
in die verbonde.
87 En ook die plig van die pre-
sident oor die Priesterskap van
Aäron is om te presideer oor agt
en veertig [a]priesters, en om in
raadsvergadering te sit met hulle,
en om hulle die pligte te leer van
hulle amp, soos gegee is in die
verbonde—
88 Hierdie president moet ʼn
[a]biskop wees; want dit is een
van die pligte van hierdie pries-
terskap.
89 En verder, die plig van die
president oor die amp van [a]ou-
derlinge is om te presideer oor ses
en negentig ouderlinge, en om in
raadsvergadering te sit met hulle,
en om hulle te leer volgens die
verbonde.
90 Hierdie presidensie is afson-
derlik van dié van die sewentig,
en is bedoel vir diegene wat nie
na die hele wêreld [a]reis nie.
91 En verder, die plig van die
President van die amp van die
Hoëpriesterskap is om te [a]presi-
deer oor die hele kerk, en om soos
[b]Moses te wees.
92 Kyk, hier is wysheid; ja, om
ʼn [a]siener, ʼn [b]openbaarder, ʼn ver-
taler, en ʼn [c]profeet te wees, en al
die [d]gawes van God te hê wat Hy
aan die hoof van die kerk skenk.
93 En dit is ooreenkomstig die
visioen wat die orde van die [a]Se-
wentig toon, dat hulle sewe pre-
sidente moet hê om oor hulle te
presideer, gekies uit die groep
van die sewentig;

84*a* GS Geregtigheid.
85*a* GS Diaken.
*b* L&V 38:23; 88:77–79, 118.
86*a* L&V 20:53–60. GS Leraar, Aäroniese Priesterskap.
87*a* GS Priester, Aäroniese Priesterskap.
88*a* GS Biskop.
89*a* GS Ouderling.
90*a* L&V 124:137.
91*a* L&V 107:9, 65–67.
*b* L&V 28:2; 103:16–21.
92*a* Mosia 8:13–18. GS Siener.
*b* GS Openbaring.
*c* L&V 21:1. GS Profeet.
*d* GS Gawes van die Gees.
93*a* L&V 107:38. GS Sewentig.

94 En die sewende president van hierdie presidente moet presideer oor die ses.
95 En hierdie sewe presidente moet ander sewentig kies buiten die eerste sewentig aan wie hulle behoort, en moet oor hulle presideer;
96 En ook ander sewentig, tot sewe maal sewentig, indien die arbeid in die wingerd dit noodwendig vereis.
97 En hierdie sewentig moet [a]reisende dienaars wees, eers aan die nie-Jode en ook aan die Jode.
98 Ander ampsdraers van die kerk wat nie behoort aan die Twaalf, nóg aan die Sewentig, het nie die verantwoordelikheid om onder die nasies te reis nie, maar moet reis soos hulle omstandighede sal toelaat, nieteenstaande hulle hoë en verantwoordelike ampte in die kerk mag beklee.
99 Daarom, nou laat elkeen sy [a]plig leer, en om in die amp waarin hy aangestel is, in alle [b]ywerigheid op te tree.
100 Hy wat [a]laks is sal nie [b]waardig geag word om te staan nie, en hy wat nie sy plig leer nie en homself nie as goedgekeur bewys nie, sal nie waardig geag word om te staan nie. Dit is so. Amen.

---

# AFDELING 108

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Kirtland, Ohio, 26 Desember 1835. Hierdie gedeelte is ontvang op versoek van Lyman Sherman wat vroeër as 'n sewentig geordineer is en wat na die Profeet gekom het met 'n versoek om 'n openbaring om sy plig bekend te maak.*

*1–3, Lyman Sherman vergewe van sy sondes; 4–5, Hy sal gereken word met die leidingewende ouderlinge van die Kerk; 6–8, Hy word geroep om die evangelie te predik en sy broers te versterk.*

VOORWAAR so sê die Here, aan jou, my dienskneg Lyman: Jou sondes is jou vergewe, omdat jy my stem gehoorsaam het om vanoggend op te kom hierheen om raad te ontvang van hom wat Ek aangestel het.
2 Daarom, laat jou siel [a]rus aangaande jou geestelike stand, en moenie meer my stem teenstaan nie.
3 En staan op en wees voortaan meer versigtig in die nakoming van jou geloftes, wat jy gemaak het en maak, en jy sal geseën word met uitermate groot seëninge.
4 Wag geduldig tot die [a]plegtige

---

97*a* L&V 124:138–139.
99*a* GS Plig.
*b* GS Ywer.
100*a* L&V 58:26–29.
GS Lui, Luiheid.
*b* GS Waardig, Waardigheid.
**108** 2*a* GS Rus.
4*a* L&V 109:6–10.

samekoms van my diensknegte byeengeroep word, dan sal jy onthou word met die eerste van my ouderlinge, en reg deur ordinering ontvang saam met die res van my ouderlinge wat Ek gekies het.

5 Kyk, dit is die [a]belofte van die Vader aan jou indien jy getrou volhard.

6 En dit sal op jou vervul word op daardie dag dat jy die reg sal hê om my evangelie te [a]predik waarheen Ek jou ook al sal stuur, vanaf daardie tyd.

7 Daarom, [a]versterk jou broers in al jou gesprekke, in al jou gebede, in al jou vermanings, en in al jou dade.

8 En kyk en sien, Ek is met jou om jou te seën en [a]verlos vir ewig. Amen.

# AFDELING 109

*Gebed gedoen tydens die toewyding van die tempel te Kirtland, Ohio, 27 Maart 1836. Volgens die Profeet se geskrewe verklaring is hierdie gebed aan hom gegee deur openbaring.*

*1–5, Die Kirtland Tempel is gebou as ʹn plek vir die Seun van die Mens om te besoek; 6–21, Dit moet ʹn huis van gebed, vas, geloof, geleerdheid, heerlikheid, en orde wees, en ʹn huis van God; 22–33, Mag die onbekeerdes wat die Here se volk teenstaan, verwar word; 34–42, Mag die Heiliges in mag uitgaan om die regverdiges na Sion te versamel; 43–53, Mag die Heiliges verlos word van die vreeslike dinge wat uitgestort sal word op die bose in die laaste dae; 54–58, Mag nasies en volke en kerke voorberei word vir die evangelie; 59–67, Mag die Jode, die Lamaniete, en die hele Israel verlos word; 68–80, Mag die Heiliges gekroon word met heerlikheid en eer en ewige heil verkry.*

[a]DANK sy aan u Naam, o Here God van Israel, wat die [b]verbond nakom en barmhartigheid toon aan u diensknegte wat opreg voor U wandel, met hul hele harte—

2 U wat u diensknegte gebied het om ʹn huis te [a]bou vir u Naam in hierdie plek [Kirtland].

3 En nou sien U, o Here, dat u diensknegte opgetree het ooreenkomstig u gebod.

4 En nou vra ons U, Heilige Vader, in die naam van Jesus Christus, die Seun van u boesem, in wie se Naam alleen heil bedien kan word aan die kinders van mense, ons vra U, o Here, om hierdie [a]huis te aanvaar, die

5*a* L&V 82:10.
6*a* GS Sendingwerk.
7*a* Lk. 22:31–32.
8*a* 2 Ne. 9:19.
**109** 1*a* Alma 37:37; L&V 46:32. GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
*b* Dan. 9:4. GS Verbond.
2*a* L&V 88:119.
4*a* 1 Kon. 9:3. GS Tempel, Huis van die Here.

[b]werkmanskap van die hande van
ons, u dienskneگte, wat U ons ge-
bied het om te bou.
5 Want U weet dat ons hierdie
werk gedoen het onder groot be-
proewing; en in ons armoede het
ons van ons besittings gegee om
ʼn [a]huis te bou tot u Naam, so-
dat die Seun van die Mens ʼn plek
mag hê om homself aan sy volk
te openbaar.
6 En soos U gesê het in ʼn [a]open-
baring, gegee aan ons, en ons U
vriende genoem het, en sê—Roep
julle plegtige samekoms byeen,
soos Ek julle gebied het;
7 En aangesien nie almal geloof
het nie, soek julle ywerig en on-
derrig mekaar die woorde van
wysheid; ja, soek julle uit die be-
ste boeke woorde van wysheid;
soek geleerdheid en wel deur stu-
die en ook deur geloof;
8 Organiseer julleself; berei elke
noodsaaklike ding; en vestig ʼn
huis, naamlik ʼn huis van gebed,
ʼn huis van vas, ʼn huis van ge-
loof, ʼn huis van geleerdheid, ʼn
huis van heerlikheid, ʼn huis van
orde, ʼn huis van God;
9 Sodat julle ingange in die
Naam van die Here mag wees;
dat julle uitgange in die Naam
van die Here mag wees; sodat al
julle begroetinge in die Naam van
die Here mag wees, met hande
omhoog gelig na die Allerhoog-
ste—
10 En nou, Heilige Vader, ons
vra U om ons by te staan, u volk,
met u genade, wanneer ons pleg-
tige samekoms byeengeroep
word, sodat dit gedoen mag word
tot u eer en vir u goddelike aan-
vaarding;
11 En op ʼn wyse dat ons waar-
dig bevind mag word, in u oë,
om ʼn vervulling te verkry van
die [a]beloftes wat U aan ons ge-
maak het, u volk, in die openba-
rings aan ons gegee;
12 Sodat u [a]heerlikheid op u
volk mag neerdaal en rus, en op
hierdie, u huis, wat ons nou aan
U toewy, sodat dit geheilig en
toegewy mag word om heilig te
wees, en dat u heilige teenwoor-
digheid voortdurend in hierdie
huis mag wees;
13 En sodat al die mense wat
die drumpel van die Here se huis
binnegaan u mag kan voel, en ge-
dwing voel om te erken dat U dit
geheilig het, en dat dit u huis is,
ʼn plek van u heiligheid.
14 En wil U gee, Heilige Vader,
dat al diegene wat in hierdie huis
sal aanbid, woorde van wysheid
geleer mag word uit die beste
boeke, en dat hulle geleerdheid
mag soek en wel deur studie, en
ook deur geloof, soos U gesê het;
15 En dat hulle in U mag groot-
word, en ʼn volheid van die
Heilige Gees mag ontvang, en ge-
organiseer word volgens u wette,
en gereed wees om elke nood-
saaklike ding te verkry.
16 En dat hierdie huis ʼn huis
van gebed, ʼn huis van vas, ʼn huis

4*b* 2 Ne. 5:16.
5*a* L&V 124:27–28.
6*a* L&V 88:117–120.
11*a* L&V 38:32; 105:11–12, 18, 33.
12*a* GS Heerlikheid.

van geloof, ′n huis van geleerdheid, ′n huis van heerlikheid, ′n huis van orde, ′n huis van God mag wees, en wel u huis;
17 Sodat al die ingange van u volk, in hierdie huis, in die Naam van die Here mag wees;
18 En dat hulle uitgange van hierdie huis in die Naam van die Here mag wees;
19 En dat al hulle begroetinge in die Naam van die Here mag wees, met heilige hande omhoog gelig na die Allerhoogste;
20 En dat geen [a]onrein ding toegelaat sal word om in u huis te kom om dit te besoedel nie;
21 En wanneer u volk oortree, enigeen van hulle, mag hulle spoediglik bekeer en terugkeer na U, en guns vind in u oë, en herstel word tot die seëninge wat U geordineer het om uitgestort te word op diegene wat U sal [a]eerbiedig in u huis.
22 En ons vra U, Heilige Vader, dat u diensknegte vanaf hierdie huis mag uitgaan, bewapen met u mag, en dat u Naam op hulle mag wees, en u heerlikheid rondom hulle wees, en u [a]engele opdrag hê aangaande hulle;
23 En vanaf hierdie plek mag hulle uitermate groot en wonderlike tydings dra, in waarheid, tot die [a]eindes van die aarde, dat hulle mag weet dat dit u werk is, en dat U u hand uitgestrek het, om dít te vervul wat U gespreek het by monde van die profete, aangaande die laaste dae.
24 Ons vra U, Heilige Vader, om die volk te vestig wat sal aanbid, en eerbaar ′n naam en posisie in hierdie u huis te behou, tot alle geslagte en vir ewigheid;
25 Dat geen wapen wat teen hulle [a]gevorm word, sal slaag nie; dat hy wat ′n [b]kuil grawe vir hulle self daarin sal val;
26 Sodat geen sameswering van boosheid mag sal hê om op te staan en u volk te [a]oorwin op wie u [b]Naam geplaas sal word in hierdie huis nie.
27 En indien enige volk sal opstaan teen hierdie volk, dat u toorn teen hulle sal ontvlam;
28 En as hulle hierdie volk sal slaan, sal U hulle slaan; U sal veg vir u volk soos U gedoen het in die tye van oorlog, sodat hulle bevry mag word van die hande van al hulle vyande.
29 Ons vra U, Heilige Vader, om al diegene wat leuenagtige berigte oor u diensknegte oral oor die wêreld versprei het, te verneder, en te verbaas, en om skande en verwarring te bring, indien hulle nie bekeer wanneer die ewigdurende evangelie in hulle ore verkondig sal word nie;
30 En dat al hulle werke tot niet gemaak mag word, en weggevee word deur die [a]hael, en deur die

20*a* L&V 94:8–9; 97:15–17.
21*a* GS Eerbied.
22*a* GS Engele.
23*a* L&V 1:2.
25*a* Jes. 54:17.
*b* Spr. 26:27; 1 Ne. 14:3; 22:14.
26*a* L&V 98:22.
*b* 1 Kon. 8:29.
30*a* Jes. 28:17; Mosia 12:6; L&V 29:16.

oordele wat U oor hulle sal stuur in u toorn, sodat daar ’n einde mag wees aan [b]leuens en lasterings teen u volk.

31 Want U weet, o Here, dat u diensknegte onskuldig voor U was om getuienis te lewer van u Naam, waarvoor hulle hierdie dinge gely het.

32 Daarom pleit ons voor U vir ’n volle en algehele bevryding van onder hierdie [a]juk;

33 Breek dit af, o Here, breek dit af vanaf die nekke van u diensknegte, deur u mag, sodat ons mag opstaan te midde van hierdie geslag en u werk doen.

34 O Jehova, wees barmhartig teenoor hierdie volk, en omdat alle mense [a]sondig, vergewe die oortredings van u volk, en laat hulle vir ewig uitgewis word.

35 Laat die [a]salwing van u dienaars op hulle verseël word met mag van omhoog.

36 Laat dit vervul word op diegene, soos op diegene op die dag van Pinkster; laat die gawe van [a]tonge uitgestort word op u volk, naamlik [b]gesplete tonge soos van vuur, en die uitlegging daarvan.

37 En laat u huis gevul word, soos met ’n geweldige sterk wind, met u [a]heerlikheid.

38 Plaas op u diensknegte die [a]getuienis van die verbond, sodat wanneer hulle uitgaan en u woord verkondig, hulle die wet mag [b]verseël, en die harte van u heiliges voorberei vir al daardie oordele wat U binnekort sal stuur, in u toorn, op die inwoners van die [c]aarde, vanweë hulle oortredings, sodat u volk nie mag moedeloos word op die dag van moeilikheid nie.

39 En welke stad u diensknegte sal binnegaan, en die mense van daardie stad ontvang hulle getuienis, laat u vrede en u heil op daardie stad wees; sodat hulle uit daardie stad die regverdiges mag versamel, sodat hulle mag uitkom na [a]Sion, of na haar penne, die plekke van U aanwysing, met liedere van ewigdurende vreugde;

40 En tot dit volbring is, laat nie u oordele op daardie stad val nie.

41 En welke stad u diensknegte sal binnegaan, en die mense van daardie stad neem nie die getuienis van u diensknegte aan nie, en u diensknegte waarsku hulle om hulself te red van hierdie verdraaide geslag, laat dit op daardie stad wees volgens dit wat U gespreek het by monde van u profete.

42 Maar verlos U, o Jehova, ons smeek U, u diensknegte uit hulle hande, en reinig hulle van hulle bloed.

43 O Here, ons skep nie behae in die vernietiging van ons medemense nie; hulle [a]siele is kosbaar voor U;

30*b* 3 Ne. 21:19–21.
32*a* GS Juk.
34*a* Rom. 3:23; 5:12. GS Sonde.
35*a* GS Salf.
36*a* GS Tale, Gawe van.
*b* Hand. 2:1–3.
37*a* L&V 84:5; 109:12. GS Heerlikheid.
38*a* GS Getuienis.
*b* Jes. 8:16; L&V 1:8.
*c* GS Aarde—Reiniging van die aarde.
39*a* Jes. 35:10.
43*a* GS Siel.

44 Maar u woord moet vervul word. Help u diensknegte om te sê, met u [a]genade wat hulle bystaan: U wil geskied, o Here, en nie ons s'n nie.

45 Ons weet dat U verskriklike dinge gespreek het by monde van u profete aangaande die bose in die [a]laaste dae—dat U u oordele sal uitstort, sonder maat.

46 Daarom, o Here, verlos u volk van die rampspoed van die bose; stel u diensknegte in staat om die wet te verseël, en die getuienis toe te bind, sodat hulle voorbereid mag wees op die dag van verbranding.

47 Ons vra U, Heilige Vader, om diegene te onthou wat verdryf is deur die inwoners van Jacksondistrik, Missouri, van die lande van hulle erfenis, en breek af, o Here, hierdie juk van verdrukking wat op hulle geplaas is.

48 U weet, o Here, dat hulle baie onderdruk en verdruk is deur goddelose mense; en ons harte [a]loop oor van verdriet vanweë hulle sware laste.

49 O Here, [a]hoe lank sal U toelaat dat hierdie volk hierdie verdrukking ly, en die geroep van hulle onskuldiges opstyg in u ore, en hulle [b]bloed opkom in getuienis voor U, en nie 'n vertoon maak van u getuienis om hul ontwil nie?

50 Toon [a]barmhartigheid, o Here, teenoor die goddelose bende wat u volk verdryf het, sodat hulle mag ophou om te plunder, sodat hulle mag bekeer van hulle sondes indien bekering te vinde is;

51 Maar indien hulle nie wil nie, ontbloot u arm, o Here, en [a]verlos dit wat U aangewys het as 'n Sion vir u volk.

52 En as dit nie anders kan wees nie, sodat die saak van u volk nie mag faal voor U nie, mag u toorn ontvlam, en u verontwaardiging op hulle val, sodat hulle mag wegkwyn, beide wortel en tak, van onder die hemel;

53 Maar in soverre hulle sal bekeer, is U barmhartig en goedertierend, en sal u toorn wegkeer wanneer U kyk na die aangesig van u Gesalfde.

54 Toon barmhartigheid, o Here, teenoor al die nasies van die aarde, toon barmhartigheid teenoor al die heersers van ons land; mag daardie beginsels, wat so eervol en edelmoedig verdedig is, naamlik, die [a]Grondwet van ons land, deur ons vaders, vir ewig gevestig word.

55 Onthou die konings, die prinse, die adellikes, en die grotes van die aarde, en alle mense, en die kerke, al die armes, die behoeftiges, en verdruktes van die aarde;

56 Dat hulle harte versag mag

44*a* GS Genade.
45*a* GS Laaste Dae.
48*a* GS Medelye.
49*a* Ps. 13:1–2.
*b* GS Martelaar, Martelaarskap.
50*a* GS Barmhartig, Barmhartigheid.
51*a* L&V 100:13; 105:2.
54*a* 1 Petr. 2:13–15; L&V 98:5–7; 101:77, 80. GS Grondwet.

word wanneer u diensknegte sal uitgaan van u huis, o Jehova, om getuienis te lewer van u Naam; sodat hulle vooroordele mag wyk voor die [a]waarheid, en u volk guns mag vind in die oë van almal;
57 Sodat al die eindes van die aarde mag weet dat ons, u diensknegte, u stem [a]gehoor het, en dat U ons gestuur het;
58 Sodat vanuit al hierdie, u diensknegte, die seuns van Jakob, die regverdiges mag versamel om 'n heilige stad vir u Naam te bou, soos U hulle gebied het.
59 Ons vra U om ander [a]penne vir Sion aan te dui buiten hierdie een wat U aangedui het, sodat die [b]versameling van u volk mag voortrol in groot krag en majesteit, sodat u werk [c]kortgeknip mag word in regverdigheid.
60 Nou hierdie woorde, o Here, het ons voor U gespreek, aangaande die openbarings en gebooie wat U aan ons gegee het, wat as [a]nie-Jode beskou word.
61 Maar U weet dat U 'n groot liefde het vir die kinders van Jakob, wat op die berge verstrooi is vir 'n lang tyd, op 'n dag van wolke en donkerheid.
62 Ons vra U daarom om barmhartig te wees teenoor die kinders van Jakob, sodat [a]Jerusalem, vanaf hierdie uur, mag begin om verlos te word;
63 En die juk van slawerny mag begin om afgebreek te word van die huis van [a]Dawid;
64 En die kinders van [a]Juda mag begin om terug te keer na die [b]lande wat u aan Abraham gegee het, hulle vader.
65 En laat die [a]oorblyfsel van Jakob, wat vervloek en geslaan is vanweë hulle oortreding, [b]bekeer word van hulle wilde en onbeskaafde toestand tot die volheid van die ewigdurende evangelie;
66 Sodat hulle hul wapens van bloedvergieting mag neerlê, en hul rebellies staak.
67 En mag die verstrooide oorblyfsels van [a]Israel, wat verdryf is tot die eindes van die aarde, kom tot 'n kennis van die waarheid, in die Messias glo, en verlos word van onderdrukking, en hulle voor U verbly.
68 O Here, onthou u dienskneg, Joseph Smith, Jr., en al sy verdrukkings en vervolgings—hoe hy [a]verbonde gesluit het met [b]Jehova, o Magtige God van Jakob—en 'n gelofte met U aangegaan het—en die gebooie wat U

56 *a* GS Waarheid.
57 *a* L&V 20:16; 76:22–24.
59 *a* Jes. 54:2.
*b* GS Israel—Die versameling van Israel.
*c* Matt. 24:22.
60 *a* 1 Ne. 13:1–32; 15:13–18.
62 *a* 3 Ne. 20:29. GS Jerusalem.
63 *a* GS Dawid.
64 *a* Sag. 12:6–9; Mal. 3:4; L&V 133:13, 35. GS Juda.
*b* Gén. 17:1–8. GS Beloofde Land.
65 *a* 2 Ne. 30:3; Alma 46:23–24; 3 Ne. 20:15–21; L&V 19:27.
*b* 2 Ne. 30:6; 3 Ne. 21:20–22. GS Bekeer, Bekering.
67 *a* GS Israel—Die versameling van Israel.
68 *a* GS Verbond.
*b* GS Jehova.

aan hom gegee het, en dat hy opreg gestreef het om u wil te doen.

69 Toon barmhartigheid, o Here, teenoor sy vrou en kinders, sodat hulle verhef mag word in u teenwoordigheid, en bewaar word deur u versorgende hand.

70 Toon barmhartigheid teenoor al hulle [a]nabye verwante, sodat hulle vooroordele opgebreek mag word en weggevee word soos deur ′n vloed; sodat hulle bekeer en verlos mag word met Israel, en weet dat U God is.

71 Onthou, o Here, die presidente, en wel al die presidente van u kerk, sodat u regterhand hulle mag verhef, met al hulle families, en hulle nabye verwante, sodat hulle name mag voortbestaan en in ewigdurende herinnering van geslag tot geslag gehou word.

72 Onthou u hele kerk, o Here, met al hulle families, en al hulle nabye verwante, met al hulle siekes en verdruktes, met al die armes en sagmoediges van die aarde; sodat die [a]koninkryk wat U opgerig het sonder hande, ′n groot berg mag word en die hele aarde vul;

73 Sodat u kerk mag uitkom uit die wildernis van duisternis, en uitstraal, mooi soos die [a]maan, en helder soos die son, en verskriklik soos ′n leër met baniere;

74 En versier wees soos ′n bruid vir daardie dag wat U die hemele sal ontsluier, en die berge [a]afvloei vanweë u teenwoordigheid, en die [b]valleie verhoog word, die growwe plekke gelykgemaak word; sodat u heerlikheid die aarde mag vul;

75 Sodat wanneer die trompet sal klink vir die dode, ons [a]opgeneem sal word in die wolk om U te ontmoet, sodat ons vir ewig by die Here mag wees.

76 Sodat ons kleding rein mag wees, sodat ons geklee mag wees in [a]klede van regverdigheid, met palms in ons hande, en [b]krone van heerlikheid op ons hoofde, en ewige [c]vreugde ontvang vir al ons [d]ontberings.

77 O Here God Almagtig, hoor ons in hierdie ons pleidooie, en antwoord ons vanuit die hemel, u heilige woning, waar U op u troon sit, met [a]heerlikheid, eer, krag, majesteit, mag, heerskappy, waarheid, geregtigheid, oordeel, barmhartigheid, en ′n oneindige volheid, van ewigdurendheid tot ewigdurendheid.

78 O hoor, o hoor, o hoor ons, o Here! En antwoord hierdie pleidooie, en ontvang die toewyding van hierdie huis vir U, die werk van ons hande, wat ons gebou het vir u Naam;

79 En ook hierdie kerk, om u

70*a* DI naverwante.
72*a* Dan. 2:44–45; L&V 65:2.
73*a* Hoogl. 6:10; L&V 5:14; 105:31.
74*a* L&V 133:21–22, 40.
*b* Jes. 40:4; Lk. 3:5; L&V 49:23.
75*a* 1 Thes. 4:17.
76*a* Openb. 7:13–15; 2 Ne. 9:14.
*b* GS Kroon; Verheffing.
*c* GS Vreugde.
*d* Hebr. 12:1–11; L&V 58:4.
77*a* GS Heerlikheid.

Naam daarop te plaas. En help ons deur die mag van u Gees, sodat ons ons stemme mag vermeng met daardie helder, [a]stralende serafs rondom u troon, met uitroepe van lofprysing, en Hosanna tot God en die [b]Lam sing!

80 En laat hierdie, u gesalfdes, [a]beklee wees met heil, en u heiliges hardop met vreugde uitroep. Amen en Amen.

## AFDELING 110

*Visioene geopenbaar aan Joseph Smith die Profeet en Oliver Cowdery in die tempel te Kirtland, Ohio, 3 April 1836. Die geleentheid was dié van 'n Sabbatdagdiens. Joseph Smith se geskiedenis verklaar: "In die namiddag het ek die ander Presidente bygestaan om die Here se Nagmaal te bedien aan die Kerk nadat ons dit ontvang het van die Twaalf, wie se voorreg dit was om op hierdie dag by die heilige tafel op te tree. Nadat hierdie diens aan my broers uitgevoer is, het ek teruggetrek na die kansel, agter die neergelate voorhangsels, en neergekniel, met Oliver Cowdery, in plegtige en stille gebed. Nadat ons opgestaan het na die gebed, is die volgende visioen aan ons getoon."*

*1–10, Die Here Jehova verskyn in heerlikheid en aanvaar die Kirtland-tempel as sy huis; 11–12, Moses en Elías verskyn albei en dra hulle sleutels en tydvakke oor; 13–16, Elía keer terug en dra die sleutels van sy tydvak oor soos beloof deur Maleági.*

DIE [a]sluier is van ons verstand weggeneem, en die [b]oë van ons begrip is geopen.

2 Ons het die Here gesien op die borswering van die kansel staan, voor ons; en onder sy voete was 'n plaveisel van suiwer goud, van kleur soos amber.

3 Sy [a]oë was soos 'n vuurvlam; die hare van sy hoof was wit soos suiwere sneeu; sy [b]gelaat het geblink bó die helderheid van die son; en sy [c]stem was soos die klank van ruisende groot waters, naamlik die stem van [d]Jehova, wat sê:

4 Ek is die [a]eerste en die laaste; Ek is Hy wat [b]leef, Ek is Hy wat gedood was; Ek is julle [c]Voorspraak by die Vader.

5 Kyk, julle sondes is julle [a]vergewe; julle is skoon voor My; daarom, hef op julle hoofde en verbly julle.

---

79 *a* Jes. 6:1–2.
*b* GS Lam van God.
80 *a* Ps. 132:16.
**110** 1 *a* GS Sluier; Voorhangsel.
*b* L&V 76:12, 19; 136:32; 138:11.
3 *a* Openb. 1:14.
*b* Openb. 1:16; JS—G 1:17.
*c* Eség. 43:2; Openb. 1:15; L&V 133:21–22.
*d* GS Jehova.
4 *a* GS Eersgeborene.
*b* Deut. 5:24.
*c* GS Voorspraak.
5 *a* GS Vergewe.

6 Laat die harte van julle broers hulle verbly, en laat die harte van my hele volk hulle verbly, wat, met hulle mag, hierdie huis vir my Naam [a]gebou het.

7 Want kyk, Ek het hierdie [a]huis [b]aanvaar, en my Naam sal daar wees; en Ek sal myself aan my volk openbaar in barmhartigheid in hierdie huis.

8 Ja, Ek sal [a]verskyn aan my diensknegte, en met hulle spreek met my eie stem, indien my volk my gebooie sal onderhou, en nie hierdie [b]heilige huis [c]besoedel nie.

9 Ja die harte van duisende en tienduisende sal hul grootliks verbly as gevolg van die [a]seëninge wat uitgestort sal word, en die [b]begiftiging waarmee my diensknegte begiftig is in hierdie huis.

10 En die roem van hierdie huis sal versprei na vreemde lande; en dit is die begin van die seëning wat [a]uitgestort sal word op die hoofde van my volk. Dit is so. Amen.

11 Nadat hierdie [a]visioen beëindig het, is die hemele weer vir ons geopen; En [b]Moses het voor ons verskyn, en die [c]sleutels oorgedra van die [d]versameling van Israel van die vier hoeke van die aarde, en die lei van die tien stamme van die land van die [e]noorde.

12 En hierna het [a]Elías verskyn, en die [b]tydvak van die [c]evangelie van Abraham oorgedra, en gesê dat in ons en ons saad alle geslagte na ons geseën sal word.

13 Nadat hierdie visioen beëindig het, is 'n ander groot en wonderlike visioen aan ons getoon; want [a]Elía die profeet, wat [b]opgeneem is na die hemel sonder om die dood te smaak, het voor ons gestaan en gesê:

14 Kyk, die tyd het ten volle gekom, wat gespreek is by monde van Maleági—wat getuig het dat hy [Elía] gestuur sou word, voor die groot en vreeslike dag van die Here kom—

15 Om die harte van die vaders te [a]keer na die kinders, en die kinders na die vaders, sodat die hele aarde nie getref word met 'n vloek nie—

16 Daarom, die sleutels van hierdie tydvak word in julle hande oorgedra; en hierdeur mag julle weet dat die groot en vreeslike [a]dag van die Here naby is, en wel voor die deur.

---

6*a* L&V 109:4–5.
7*a* GS Tempel, Huis van die Here.
*b* 2 Kron. 7:16.
8*a* L&V 50:45.
*b* GS Heilig.
*c* L&V 97:15–17.
9*a* Gén. 12:1–3; L&V 39:15; Abr. 2:8–11.
*b* L&V 95:8. GS Begiftiging.
10*a* L&V 105:12.
11*a* GS Visioen.
*b* Matt. 17:3.
*c* GS Sleutels van die Priesterskap.
*d* Jakob 6:2; L&V 29:7. GS Israel—Die versameling van Israel.
*e* L&V 133:26–32. GS Israel—Die tien verlore stamme van Israel.
12*a* GS Elías.
*b* GS Tydvak.
*c* Gal. 3:6–29. GS Abraham, Verbond van.
13*a* GS Elía.
*b* GS Getransfigureerde Wesens.
15*a* JS—G 1:38–39. GS Geslagsregister; Heil vir die Dode.
16*a* GS Laaste Dae.

# AFDELING 111

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Salem, Massachusetts, 6 Augustus 1836. Op hierdie tydstip was die leiers van die Kerk diep in die skuld as gevolg van hulle arbeid in die bediening. Omdat hulle gehoor het dat 'n groot som geld beskikbaar sou wees aan hulle in Salem, het die Profeet, Sidney Rigdon, Hyrum Smith, en Oliver Cowdery daarheen gereis vanaf Kirtland, Ohio, om hierdie bewering te ondersoek, asook om die evangelie te predik. Die broers het verskeie kerksake afgehandel en ook 'n bietjie gepreek. Toe dit duidelik word dat geen geld beskikbaar sou wees nie, het hulle na Kirtland teruggekeer. Verskeie van die belangrike agtergrondsfaktore word weerspieël in die bewoording van hierdie openbaring.*

*1–5, Die Here sien om na die stoflike behoeftes van sy diensknegte; 6–11, Hy sal barmhartiglik handel met Sion en alle dinge reël vir die beswil van sy diensknegte.*

Ek, die Here julle God, is nie ontevrede met die onderneem van hierdie reis nie, nieteenstaande julle dwaashede.

2 Ek het vele skatte in hierdie stad vir julle, tot die voordeel van Sion, en vele mense in hierdie stad, wat Ek sal versamel op die bepaalde tyd tot die voordeel van Sion, deur middel van julle.

3 Daarom, dit is raadsaam dat julle kennis maak met mense in hierdie stad, soos julle gelei sal word, en soos dit julle gegee sal word.

4 En dit sal geskied dat op die bepaalde tyd wat Ek hierdie stad in julle hande sal gee, dat julle mag daaroor sal hê, in soverre hulle nie julle geheime planne sal ontdek nie; en sy rykdomme betreffende goud en silwer sal julle s'n wees.

5 Bekommer julle nie oor julle [a]skuld nie, want Ek sal julle mag gee om dit te betaal.

6 Bekommer julle nie oor Sion nie, want Ek sal barmhartiglik met haar handel.

7 Vertoef in hierdie plek, en in die streke rondomheen;

8 En die plek waar dit my wil is dat julle moet vertoef, hoofsaaklik, sal vir julle aangedui word deur die [a]vrede en mag van my Gees, wat na julle sal vloei.

9 Hierdie plek mag julle verkry deur te huur. En doen ywerig navraag aangaande die meer antieke inwoners en stigters van hierdie stad;

10 Want daar is meer skatte as een vir julle in hierdie stad.

11 Daarom, wees so [a]listig soos

**111** 5*a* L&V 64:27–29.
8*a* L&V 27:16.
GS Vrede.
11*a* Matt. 10:16.

slange en tog sonder sonde; en Ek
sal alle dinge reël vir julle [b]beswil,
so gou as wat julle hulle kan ont-
vang. Amen.

## AFDELING 112

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet aan Thomas B. Marsh, te Kirtland, Ohio, 23 Julie 1837, aangaande die Twaalf Apostels van die Lam. Hierdie openbaring is ontvang op die dag wat Ouderlinge Heber C. Kimball en Orson Hyde die evangelie die eerste keer in Engeland gepredik het. Thomas B. Marsh was op hierdie tydstip President van die Kworum van die Twaalf Apostels.*

*1–10, Die Twaalf moet die evangelie stuur en ʼn waarskuwende stem verhef tot alle nasies en volke; 11–15, Hulle moet hul kruis opneem, Jesus volg en sy skape voed; 16–20, Diegene wat die Eerste Presidensie ontvang, ontvang die Here; 21–29, Duisternis bedek die aarde, en slegs diegene wat glo en gedoop word sal gered word; 30–34, Die Eerste Presidensie en die Twaalf hou die sleutels van die tydvak van die volheid van tye.*

Voorwaar so sê die Here, aan
jou my dienskneg Thomas: Ek
het jou gebede aangehoor; en jou
aalmoese het na My opgekom as
ʼn [a]herinnering voor My, namens
diegene, jou broers, wat gekies
is om getuienis te lewer van my
Naam en om dit te orals heen te
[b]stuur onder alle nasies, stamme,
tale, en volke, en geordineer word
deur middel van my diensknegte.
2 Voorwaar Ek sê vir jou, daar
was ʼn paar dinge in jou hart en
met jou waarin Ek, die Here, nie
ʼn welbehae gehad het nie.
3 Nietemin, in soverre jy jouself
[a]verneder het, sal jy verhef word;
daarom, al jou sondes is jou ver-
gewe.
4 Laat jou hart [a]blymoedig wees
voor my aangesig; en jy sal ge-
tuienis lewer van my Naam, nie
slegs aan die [b]nie-Jode nie, maar
ook aan die [c]Jode; en jy sal my
woord uitstuur na die eindes van
die aarde.
5 [a]Stry, daarom, oggend na og-
gend; en laat jou [b]waarskuwende
stem dag na dag uitgaan; en wan-
neer die nag kom, moenie die in-
woners van die aarde laat sluimer
nie, vanweë jou woorde.
6 Laat jou inwoning bekend
wees in Sion, en moenie [a]ver-
huis nie; want Ek, die Here, het
ʼn groot werk vir jou om te doen,

11*b* Rom. 8:28; L&V 90:24; 100:15.
**112** 1*a* Hand. 10:4.
*b* L&V 18:28.
3*a* Matt. 23:12; Lk. 14:11.
4*a* Matt. 9:2; Joh. 16:33.
*b* L&V 18:6; 90:8–9.
*c* L&V 19:27.
5*a* Judas 1:3.
*b* L&V 1:4–5.
6*a* Ps. 125:1.

om my Naam bekend te maak onder die kinders van mense.

7 Daarom, [a]omgord jou lendene vir die werk. Laat jou voete ook geskoei wees, want jy is gekose, jou pad lê tussen die berge, en onder vele nasies.

8 En deur jou woord sal vele hoës [a]verneder word, en deur jou woord sal vele geringes verhef word.

9 Jou stem sal 'n bestraffing wees vir die oortreder; en met jou bestraffing, laat die tong van die lasteraar ophou met sy goddeloosheid.

10 Wees jy [a]nederig; en die Here jou God sal jou aan die hand lei, en jou antwoord gee op jou gebede.

11 Ek ken jou hart, en het jou gebede aangaande jou broers gehoor. Wees nie partydig teenoor hulle in [a]liefde bo vele ander nie, maar laat jou liefde vir hulle wees soos vir jouself; en laat jou liefde oorvloedig wees vir alle mense, en vir almal wat my Naam liefhet.

12 En bid vir die broers van die Twaalf. Vermaan hulle streng om my Naams ontwil, en laat hulle vermaan word oor al hulle sondes, en wees jy getrou voor My aan my [a]Naam.

13 En na hulle [a]versoekings, en veel [b]beproewing, kyk, Ek, die Here, sal hulle soek, en indien hulle nie hulle harte verhard nie, en nie hulle nekke verstyf teen My nie, sal hulle [c]bekeer word, en Ek sal hulle genees.

14 Nou, Ek sê vir jou, en wat Ek vir jou sê, sê Ek aan al die Twaalf: Staan op en omgord julle lendene, neem julle [a]kruis op, volg My, en [b]voed my skape.

15 Verhef nie julleself nie; [a]rebelleer nie teen my dienskneg Joseph nie; want voorwaar Ek sê vir julle, Ek is met hom, en my hand sal oor hom wees; en die [b]sleutels wat Ek aan hom gegee het, en ook aan jou, sal nie van hom geneem word tot Ek kom nie.

16 Voorwaar Ek sê vir jou, my dienskneg Thomas, jy is die man wat Ek gekies het om die sleutels van my koninkryk te hou, met betrekking tot die Twaalf, oraloor onder alle nasies—

17 Sodat jy my dienskneg mag wees om die deur van die koninkryk te ontsluit in alle plekke waar my dienskneg Joseph, en my dienskneg [a]Sidney, en my dienskneg [b]Hyrum, nie kan kom nie;

18 Want op hulle het Ek die las

---

7 *a* Efés. 6:13–17.
8 *a* GS Nederig, Nederigheid.
10 *a* Spr. 18:12.
11 *a* Matt. 5:43–48. GS Liefde; Naasteliefde.
12 *a* GS Jesus Christus—Om die Naam van Jesus Christus op ons te neem.
13 *a* GS Versoek, Versoeking.
*b* Joh. 16:33; Openb. 7:13–14; L&V 58:3–4.
*c* 3 Ne. 18:32. GS Bekeer, Bekering.
14 *a* Matt. 16:24; JSV Matt. 16:25–26 (Bylae); Lk. 9:23.
*b* Joh. 21:15–17.
15 *a* GS Rebellie.
*b* L&V 28:7. GS Sleutels van die Priesterskap.
17 *a* GS Rigdon, Sidney.
*b* GS Smith, Hyrum.

geplaas van al die kerke vir 'n
kort tydjie.
19 Daarom, waarheen hulle jou
ook al stuur, gaan jy, en Ek sal met
jou wees; en in welke plek jy my
Naam sal verkondig, sal 'n [a]effek-
tiewe deur vir jou geopen word,
sodat hulle my woord mag ont-
vang.
20 Wie ook al my woord [a]ont-
vang, ontvang My, en wie ook al
My ontvang, ontvang diegene,
die Eerste Presidensie, wat Ek
gestuur het, wat Ek raadgewers
gemaak het vir my Naams ont-
wil vir julle.
21 En verder, Ek sê vir julle,
dat wie julle ook al sal stuur in
my Naam, deur die stem van
julle broers, die [a]Twaalf, behoor-
lik aanbeveel en [b]gemagtig deur
julle, sal mag hê om die deur van
my koninkryk te ontsluit vir enige
nasie waarheen julle hulle ook al
sal stuur—
22 In soverre hulle hulself sal
verootmoedig voor My, en in my
woord bly, en [a]ag slaan op die
stem van my Gees.
23 Voorwaar, voorwaar, Ek sê
vir julle, [a]duisternis bedek die
aarde, en groot duisternis die ver-
stand van die mense, en alle vlees
het [b]verdorwe geword voor my
aangesig.
24 Kyk, [a]wraak kom spoediglik
oor die inwoners van die aarde,
'n dag van toorn, 'n dag van ver-
branding, 'n dag van verlaten-
heid, van [b]geween, van rou, en
van weeklag; en soos 'n warrel-
wind sal dit oor die hele aangesig
van die aarde kom, sê die Here.
25 En by my huis sal dit [a]begin,
en van my huis sal dit uitgaan,
sê die Here;
26 Eerste onder diegene onder
julle, sê die Here, wat [a]voorge-
gee het om my Naam te ken en
My nie [b]geken het nie, en [c]gelas-
ter het teen My te midde van my
huis, sê die Here.
27 Daarom, sien toe dat julle nie
julself bekommer aangaande die
sake van my kerk in hierdie plek
nie, sê die Here.
28 Maar [a]reinig julle harte voor
My; en dan [b]gaan julle in die hele
wêreld, en preek my evangelie
aan elke skepsel wat dit nie ont-
vang het nie;
29 En hy wat [a]glo en [b]gedoop
word sal gered word, en hy wat
nie glo nie, en nie gedoop word
nie, sal [c]verdoem word.
30 Want aan julle, die [a]Twaalf, en

19 *a* 1 Kor. 16:9; L&V 118:3.
20 *a* L&V 84:35–38.
21 *a* L&V 107:34–35.
*b* GS Gesag.
22 *a* GS Ag slaan op; Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
23 *a* Jes. 60:2; Miga 3:6; L&V 38:11. GS Afval—Afvalligheid van die vroeë Christelike kerk.
*b* L&V 10:20–23.
24 *a* GS Wraak.
*b* L&V 124:8.
25 *a* 1 Petr. 4:17–18.
26 *a* Matt. 7:21–23; L&V 41:1; 56:1.
*b* Lk. 6:46; Mosia 26:24–27; 3 Ne. 14:21–23.
*c* GS Laster, Godslastering.
28 *a* GS Suiwer, Suiwerheid.
*b* Mark. 16:15–16.
29 *a* Morm. 9:22–23; L&V 20:25–26.
*b* GS Doop.
*c* GS Verdoemenis.
30 *a* GS Apostel.

diegene, die [b]Eerste Presidensie, wat aangestel is met jou om jou raadgewers en jou leiers te wees, word die mag van hierdie priesterskap gegee, vir die laaste dae en vir die laaste keer, waarin die [c]tydvak van die volheid van tye is,
31 Welke mag julle hou, in verband met al diegene wat 'n tydvak ontvang het te eniger tyd vanaf die begin van die skepping;
32 Want voorwaar Ek sê vir julle, die [a]sleutels van die tydvak, wat julle ontvang het, het van die vaders [b]afgekom, en laaste van alles, is neergestuur van die hemel na julle.
33 Voorwaar Ek sê vir julle, kyk hoe groot is julle roeping. [a]Reinig julle harte en julle kleding, sodat die bloed van hierdie geslag nie van julle hande [b]vereis word nie.
34 Wees getrou tot Ek kom, want Ek [a]kom spoediglik; en my beloning is met my om elke mens te vergoed volgens wat sy [b]werke sal wees. Ek is Alfa en Omega. Amen.

---

# AFDELING 113

*Antwoorde op sekere vrae oor die geskrifte van Jesaja, gegee deur Joseph Smith die Profeet, te of naby Far West, Missouri, Maart 1838.*

*1–6, Die Stam van Isai, die loot wat daaruit voortkom, en die wortel van Isai word geïdentifiseer; 7–10, Die verstrooide oorblyfsels van Sion het 'n reg tot die priesterskap en word geroep om na die Here terug te keer.*

Wie is die Stam van [a]Isai waarvan gespreek word in die 1ste, 2de, 3de, 4de en 5de verse van die 11de hoofstuk van Jesaja?
2 Voorwaar so sê die Here: Dit is Christus.
3 Wat is die loot waarvan gespreek word in die eerste vers van die 11de hoofstuk van Jesaja, wat uit die Stam van Isai sou kom?
4 Kyk so sê die Here: Dit is 'n dienskneg in die hande van Christus, wat gedeeltelik 'n afstammeling is van Isai sowel as [a]Efraim, of die huis van Josef, op wie daar veel [b]mag geplaas is.
5 Wat is die wortel van Isai waarvan gespreek word in die 10de vers van die 11de hoofstuk?
6 Kyk, so sê die Here, dit is 'n afstammeling van Isai, sowel as van Josef, aan wie die priesterskap

---

30 *b* GS Eerste Presidensie.
*c* Efés. 1:10; L&V 27:13; 124:40–42. GS Tydvak.
32 *a* L&V 110:11–16. GS Sleutels van die Priesterskap.
*b* Abr. 1:2–3.
33 *a* Jakob 1:19.
*b* L&V 72:3.
34 *a* Openb. 22:7, 12; L&V 49:28; 54:10.
*b* GS Werke.

**113** 1 *a* GS Isai.
4 *a* Gén. 41:50–52; L&V 133:30–34. GS Efraim.
*b* GS Krag.

regtens behoort, en die [a]sleutels van die koninkryk, vir ʼn [b]vaandel, en vir die [c]versameling van my volk in die laaste dae.

7 Vrae deur Elias Higbee: Wat word bedoel met die gebod in Jesaja, 52ste hoofstuk, 1ste vers, wat lui: Beklee jou met sterkte, o Sion—en na watter volk het Jesaja verwys?

8 Hy het verwys na diegene wat God sal roep in die laaste dae, wat die mag van die priesterskap sal hou om [a]Sion weer te vestig, en die verlossing van Israel; en om haar te beklee met [b]sterkte is om die gesag van die priesterskap op te neem, waarop sy, Sion ʼn [c]reg het volgens afstamming; ook om terug te keer na daardie mag wat sy verloor het.

9 Wat moet ons verstaan onder Sion wat haarself moet losmaak van die bande aan haar hals; 2de vers?

10 Ons moet verstaan dat die [a]verstrooide oorblyfsels vermaan word om terug te [b]keer na die Here van waar hulle geval het; indien hulle dit doen, is die belofte van die Here dat hy met hulle sal spreek, of hulle openbaring gee. Sien die 6de, 7de, en 8ste verse. Die bande om haar hals is die vervloekinge van God op haar, of die oorblyfsels van Israel in hulle verstrooide toestand onder die nie-Jode.

# AFDELING 114

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Far West, Missouri, 11 April 1838.*

*1–2, Kerkampte wat gehou word deur diegene wat nie getrou is nie, sal aan ander gegee word.*

VOORWAAR, so sê die Here: Dit is wysheid in my dienskneg David W. Patten dat hy al sy sake afhandel so gou as hy moontlik kan, en ontslae raak van sy handelsware, sodat hy die volgende lente ʼn sending vir My kan vervul, in die geselskap van andere, en wel twaalf, insluitende homself, om te getuig van my Naam en blye tydings uitdra na die hele wêreld.

2 Want voorwaar, so sê die Here, dat in soverre daar diegene onder julle is wat my Naam loën, sal ander in hulle [a]plek [b]geplant word en hulle bisdom ontvang. Amen.

6*a* GS Sleutels van die Priesterskap.
*b* L&V 45:9. GS Vaandel.
*c* GS Israel—Die versameling van Israel.
8*a* GS Sion.
*b* L&V 82:14.
*c* GS Eersgeboortereg.
10*a* GS Israel—Die verstrooiing van Israel.
*b* Hos. 3:4–5; 2 Ne. 6:11.
**114** 2*a* L&V 64:40.
*b* L&V 118:1, 6.

# AFDELING 115

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Far West, Missouri, 26 April 1838, wat die wil van God bekendmaak aangaande die opbou van daardie plek en van die Here se huis. Hierdie openbaring is gerig aan die presiderende beamptes en die lede van die Kerk.*

*1–4, Die Here noem sy kerk Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae; 5–6, Sion en haar penne is plekke van beskerming en skuiling vir die Heiliges; 7–16, Die Heiliges word gebied om 'n huis vir die Here te bou te Far West; 17–19, Joseph Smith hou die sleutels van die koninkryk van God op die aarde.*

VOORWAAR so sê die Here aan jou, my dienskneg [a]Joseph Smith, Jr., en ook my dienskneg [b]Sidney Rigdon, en ook my dienskneg [c]Hyrum Smith, en julle raadgewers wat aangestel is en sal word hierna;
2 En ook aan jou, my dienskneg [a]Edward Partridge, en sy raadgewers;
3 En ook aan my getroue diensknegte wat van die hoëraad van my kerk in Sion is, want so sal dit genoem word, en aan al die ouderlinge en volk van my Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, oraloor verstrooi oor die hele wêreld;
4 Want so sal my [a]kerk genoem word in die laaste dae, naamlik [b]Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae.
5 Voorwaar Ek sê vir julle almal: [a]Staan op en straal uit, sodat julle lig 'n [b]vaandel mag wees vir die nasies;
6 En dat die [a]versameling op die land [b]Sion, en in haar [c]penne, mag wees vir 'n beskerming, en vir 'n [d]skuiling teen die storm, en teen toorn wanneer dit onvermengd [e]uitgestort sal word op die hele aarde.
7 Laat die stad, Far West, 'n [a]heilige en toegewyde land wees vir My; en dit sal allerheiligs genoem word, want die grond waarop julle staan, is heilig.
8 Daarom, Ek gebied julle om 'n huis vir My te [a]bou, vir die versameling van my heiliges, sodat hulle My mag [b]aanbid.
9 En laat daar 'n begin wees met hierdie werk, en 'n fondament, en

**115** 1*a* GS Smith, Joseph, Jr.
*b* GS Rigdon, Sidney.
*c* GS Smith, Hyrum.
2*a* GS Partridge, Edward.
4*a* 3 Ne. 27:4–8.
*b* GS Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, Die.
5*a* Jes. 60:1–3.
*b* Jes. 11:12. GS Vaandel.
6*a* GS Israel—Die versameling van Israel.
*b* GS Sion.
*c* L&V 101:21. GS Pen.
*d* Jes. 25:1, 4; L&V 45:66–71.
*e* Openb. 14:10; L&V 1:13–14.
7*a* GS Heilig.
8*a* L&V 88:119; 95:8.
*b* GS Aanbid.

'n voorbereidende werk, hierdie eerskomende somer;

10 En laat die begin gemaak word op die vierde dag van aanstaande Julie, en laat my volk vanaf daardie tyd ywerig werk om 'n huis vir my Naam te bou;

11 En [a]een jaar vanaf hierdie dag, laat hulle weer begin om die fondament van my [b]huis te lê.

12 Dus, laat hulle vanaf daardie tyd ywerig werk totdat dit voltooi sal wees, van die hoeksteen tot die bopunt, totdat daar niks oorbly wat nie voltooi is nie.

13 Voorwaar, Ek sê vir julle, moenie my dienskneg Joseph, nóg my dienskneg Sidney, nóg my dienskneg Hyrum, meer skuld laat aangaan vir die bou van 'n huis vir my Naam nie;

14 Maar laat 'n huis gebou word vir my Naam volgens die [a]patroon wat Ek aan hulle sal toon.

15 En indien my volk dit nie bou volgens die patroon wat Ek aan hulle presidensie sal toon nie, sal Ek dit nie van hulle hande aanneem nie.

16 Maar indien my volk dit bou ooreenkomstig die patroon wat Ek aan hulle presidensie sal toon, naamlik my dienskneg Joseph en sy raadgewers, dan sal Ek dit aanneem van die hande van my volk.

17 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, dit is my wil dat die stad Far West spoediglik opgebou word deur die versameling van my heiliges;

18 En ook dat ander plekke aangedui sal word vir [a]penne in die streke rondomheen, soos hulle aan my dienskneg Joseph bekendgemaak sal word, van tyd tot tyd.

19 Want kyk, Ek sal met hom wees, en Ek sal hom voor die volk heilig; want aan hom het Ek die [a]sleutels van hierdie koninkryk en bediening gegee. Dit is so. Amen.

# AFDELING 116

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet, naby Wight se veerboot, op 'n plek genaamd Spring Hill, Daviess-distrik, Missouri, 19 Mei 1838.*

Spring Hill is deur die Here as [a]Adam-ondi-Ahman benoem, omdat, het Hy gesê, dit die plek is waar [b]Adam sy volk sal kom besoek, of die [c]Oue van Dae sal sit, soos deur Daniël die profeet gespreek is.

11 *a* L&V 118:5.
*b* L&V 124:45–54.
14 *a* Hebr. 8:5; L&V 97:10.
18 *a* L&V 101:21. GS Pen.
19 *a* GS Sleutels van die Priesterskap.
**116** 1 *a* L&V 78:15. GS Adam-ondi-Ahman.
*b* GS Adam.
*c* Dan. 7:13–14, 22.

# AFDELING 117

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Far West, Missouri, 8 Julie 1838, aangaande die onmiddellike pligte van William Marks, Newel K. Whitney, en Oliver Granger.*

*1–9, Die Here se diensknegte moet nie stoflike dinge begeer nie, want "wat is besittings in die oë van die Here?"; 10–16, Hulle moet kleinlikheid van siel versaak, en hulle opofferings sal heilig wees vir die Here.*

VOORWAAR, so sê die Here aan
my dienskneg William Marks, en
ook aan my dienskneg Newel K.
Whitney, laat hulle hul sake spoe-
diglik afhandel en vanaf die land
Kirtland reis, voor Ek, die Here,
weer sneeu stuur op die aarde.
2 Laat hulle ontwaak, en op-
staan, en uitkom, en nie talm nie,
want Ek, die Here, gebied dit.
3 Daarom, indien hulle talm, sal
dit nie goed gaan met hulle nie.
4 Laat hulle bekeer van al hulle
sondes, en van al hulle hebsug-
tige begeertes, voor My, sê die
Here; want wat is [a]besittings in
my oë? sê die Here.
5 Laat die eiendomme van Kirt-
land verkoop word om die [a]skuld
te vereffen, sê die Here. Laat hulle
gaan, sê die Here, en wat ook al
oorbly, laat dit in julle hande bly,
sê die Here.
6 Want besit Ek nie die voëls van
die hemel, en ook die visse van
die see, en die diere van die berge
nie? Het Ek nie die aarde gemaak
nie? Hou Ek nie die [a]lotgevalle
van al die leërs van die nasies van
die aarde nie?
7 Daarom, sal Ek nie die [a]ver-
late plekke laat bot en bloei, en
om in oorvloed voort te bring nie?
sê die Here.
8 Is daar nie genoeg plek op die
berge van [a]Adam-ondi-Ahman,
en op die vlaktes van Olaha [b]Shi-
neha, of die [c]land waar Adam ge-
woon het nie, sodat julle dít sou
begeer wat slegs ′n druppel is,
maar die meer gewigtige sake
verwaarloos?
9 Daarom, kom op hierheen na
die land van my volk, naamlik
Sion.
10 Laat my dienskneg William
Marks [a]getrou wees oor ′n paar
dinge, en hy sal ′n heerser oor vele
wees. Laat hom presideer in die
midde van my volk in die stad Far
West, en laat hom geseënd wees
met die seëninge van my volk.
11 Laat my dienskneg Ne-
wel K. Whitney hom skaam oor
die [a]Nikolaïete-bende en van al
hulle [b]geheime gruwels, en van al
sy kleinlikheid van siel voor My,

**117** 4*a* L&V 104:14.
5*a* L&V 104:78.
6*a* Hand. 17:26; 1 Ne. 17:36–39.
7*a* Jes. 35:1; L&V 49:24–25.
8*a* L&V 116. GS Adam-ondi-Ahman.
*b* Abr. 3:13.
*c* GS Eden.
10*a* Matt. 25:23.
11*a* Openb. 2:6, 15.
*b* GS Geheime Organisasies.

sê die Here, en opkom na die land Adam-ondi-Ahman, en ’n [c]biskop wees vir my volk, sê die Here, nie in naam nie, maar in daad, sê die Here.

12 En verder, Ek sê vir julle, Ek onthou my dienskneg [a]Oliver Granger; kyk, voorwaar Ek sê vir hom dat sy naam in heilige herinnering gehou sal word van geslag tot geslag, vir ewig en ewig, sê die Here.

13 Daarom, laat hom hom met erns beywer vir die aflossing van die Eerste Presidensie van my Kerk, sê die Here; en wanneer hy val, sal hy weer opstaan, want sy [a]opoffering sal vir My meer heilig wees as sy aanwas, sê die Here.

14 Daarom, laat hom spoediglik hierheen opkom, na die land Sion; en in my eie bepaalde tyd sal hy ’n handelaar vir my Naam gemaak word, sê die Here, tot die voordeel van my volk.

15 Daarom, laat niemand my dienskneg Oliver Granger verag nie, maar laat die seëninge van my volk op hom wees vir ewig en ewig.

16 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, laat al my diensknegte in die land Kirtland die Here hulle God onthou, en ook my huis, om dit heilig te hou en te bewaar, en om die geldwisselaars te verdryf in my eie bepaalde tyd, sê die Here. Dit is so. Amen.

## AFDELING 118

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Far West, Missouri, 8 Julie 1838, in antwoord op die smeekbede: “Toon ons u wil, o Here, aangaande die Twaalf.”*

*1–3, Die Here sal sorg vir die families van die Twaalf; 4–6, Vakatures in die Twaalf word gevul.*

VOORWAAR, so sê die Here: Laat ’n konferensie onmiddellik gehou word; laat die Twaalf georganiseer word; en laat mans aangestel word om die plek te [a]neem van diegene wat geval het.

2 Laat my dienskneg [a]Thomas bly vir ’n tydperk in die land Sion, om my woord te publiseer.

3 Laat die oorblyfsel voortgaan om vanaf daardie uur te predik, en indien hulle dit doen in alle nederigheid van hart, in sagmoedigheid en [a]ootmoed, en [b]lankmoedigheid, sal Ek, die Here, aan hulle ’n belofte gee, dat Ek vir hulle families sal sorg; en ’n

11*c* GS Biskop.
12*a* DI die agent wat die Profeet agtergelaat het om sy sake in Kirtland af te handel.
13*a* GS Opoffer.
**118** 1*a* Hand. 1:13, 16–17, 22–26.
2*a* GS Marsh, Thomas B.
3*a* GS Nederig, Nederigheid.
*b* GS Volhard.

effektiewe deur sal voortaan geopen word vir hulle.
4 En volgende lente, laat hulle vertrek om oor die groot waters te gaan, en daar my evangelie bekendmaak, die volheid daarvan, en getuienis lewer van my Naam.
5 Laat hulle vertrek van my heiliges in die stad Far West, op die ses en twintigste dag van volgende April, op die bouperseel van my huis, sê die Here.
6 Laat my dienskneg John Taylor, en ook my dienskneg John E. Page, en ook my dienskneg Wilford Woodruff, en ook my dienskneg Willard Richards, aangestel word om die plekke te vul van diegene wat geval het, en amptelik in kennis gestel word van hulle aanstelling.

## AFDELING 119

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Far West, Missouri, 8 Julie 1838, in antwoord op sy smeekbede: "O Here! Toon aan u diensknegte hoeveel U van die besittings van u volk vir 'n tiende vereis." Die wet van die tiende, soos vandag verstaan, was nie aan die Kerk gegee voor hierdie openbaring nie. Die term* tiende *in die gebed wat pas aangehaal is en in vorige openbarings (64:23; 85:3, 97:11) het nie net een tiende beteken nie, maar alle vrywillige offerandes, of bydraes, tot die Kerkfondse. Die Here het voorheen die wet van toewyding en rentmeesterskap oor besittings aan die Kerk gegee, welke lede (hoofsaaklik die leidinggewende ouderlinge) 'n verbond gesluit het wat ewigdurend moes wees. Vanweë die versuiming van vele om ooreenkomstig hierdie verbond te leef, het die Here dit teruggetrek vir 'n tydperk en het in die plek daarvan die wet van die tiende aan die hele Kerk gegee. Die Profeet het die Here gevra hoeveel van hulle besittings Hy vereis het vir heilige doeleindes. Die antwoord was hierdie openbaring.*

*1–5, Die Heiliges moet hulle oortollige besittings betaal en dan, as 'n tiende, een tiende jaarliks gee van hulle aanwas; 6–7, Sodanige handeling sal die land Sion heilig.*

VOORWAAR, so sê die Here, Ek vereis dat al hulle [a]oortollige besittings in die hande van die biskop van my kerk in Sion geplaas word.
2 Vir die bou van my [a]huis, en vir die lê van die fondament van Sion en vir die priesterskap, en vir die skulde van die Presidensie van my Kerk.

**119** 1*a* L&V 42:33–34, 55; 51:13; 82:17–19.
2*a* L&V 115:8.

3 En dit sal die begin wees van die [a]tiendeheffing van my volk.

4 En daarna, diegene wat dus 'n tiende opgelê is, sal 'n tiende van al hulle aanwas jaarliks betaal; en dit sal 'n staande wet vir hulle wees vir ewig, vir my heilige priesterskap, sê die Here.

5 Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal geskied dat van al diegene wat versamel na die land [a]Sion, 'n tiende gehef sal word van hulle oortollige besittings, en sal hierdie wet onderhou, of hulle sal nie waardig bevind word om onder julle te vertoef nie.

6 En Ek sê vir julle, indien my volk nie hierdie wet onderhou nie, om dit heilig te hou, en deur hierdie wet die land [a]Sion vir my te heilig, sodat my insettinge en my oordele daarop nagekom mag word, sodat dit hoogheilig mag wees, kyk, voorwaar Ek sê vir julle, dit sal nie 'n land Sion vir julle wees nie.

7 En dit sal 'n voorbeeld wees vir al die [a]penne van Sion. Dit is so. Amen.

## AFDELING 120

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Far West, Missouri, 8 Julie 1838, wat die hantering van die besittings wat as tiendes gegee is, genoem in die vorige openbaring, afdeling 119, bekendmaak.*

VOORWAAR, so sê die Here, die tyd het nou gekom, dat [a]dit aangewend sal word deur 'n raad, bestaande uit die Eerste Presidensie van my Kerk en uit die biskop en sy raad, en deur my hoëraad; en deur my eie stem tot hulle, sê die Here. Dit is so. Amen.

## AFDELING 121

*Gebed en profesieë geskryf deur Joseph Smith die Profeet in 'n brief aan die Kerk terwyl hy 'n gevangene was in die gevangenis in Liberty, Missouri, gedateer 20 Maart 1839. Die Profeet en verskeie metgeselle was maande lank in die gevangenis. Hulle vertoë en appèlle gerig aan die uitvoerende amptenare en die regbank, het misluk om vir hulle verligting te bring.*

*1–6, Die Profeet pleit by die Here vir die Heiliges wat ly; 7–10, Die Here spreek vrede tot hom; 11–17, Vervloek is al diegene wat valse*

3*a* Mal. 3:8–12; L&V 64:23. GS Tiende, Tiendes.
5*a* L&V 57:2–3.
6*a* GS Sion.
7*a* GS Pen.
**120** 1*a* DI tiende.

*uitroepe maak van oortreding teen die Here se volk; 18–25, Hulle sal nie die reg tot die priesterskap hê nie en sal verdoem word; 26–32, Wonderbaarlike openbarings word beloof aan diegene wat dapper volhard; 33–40, Waarom vele geroep word en weinig gekies word; 41–46, Die priesterskap moet slegs in regverdigheid gebruik word.*

O GOD, waar is U? En waar is die tent wat u [a]skuilplek bedek?

2 [a]Hoe lank sal u hand weerhou word, en u oog, ja u suiwere oog, vanuit die ewige hemele die onregte teen u volk en teen u diensknegte aanskou, en u oor binnegedring word met hulle geroep?

3 Ja, o Here, [a]hoe lank sal hulle hierdie onregte en onwettige onderdrukkings ly, voor u hart teenoor hulle versag word, en u binneste gevul word met ontferming teenoor hulle?

4 O Here God [a]Almagtig, maker van die hemel, aarde en seë, en van alle dinge wat in hulle is, en wat die duiwel beheer en onderwerp, en die donker en duistere heerskappy van Sjeol—strek u hand uit; laat u oog deurdring; laat u tent opgeneem word; laat u [b]skuilplek nie langer bedek wees nie; laat u oor neig; laat u hart versag word, en u binneste ontroer wees met ontferming teenoor ons.

5 Laat u toorn ontvlam wees teen ons vyande; en, in die woede van u hart, met u swaard ons [a]wreek van ons onregte.

6 Onthou u heiliges wat ly, o ons God; en u diensknegte sal hulle vir ewig verbly in u Naam.

7 My seun, vrede vir jou siel; jou [a]teëspoed en verdrukkings sal slegs 'n kort oomblik wees;

8 En dan, indien jy dit goed [a]verduur, sal God jou omhoog verhef; jy sal triomfeer oor al jou vyande.

9 Jou [a]vriende staan jou by, en hulle sal jou weer groet met warm harte en vriendelike hande.

10 Jy is nog nie soos [a]Job nie; jou vriende stry nie teen jou nie, nóg beskuldig hulle jou van oortreding, soos hulle met Job gedoen het.

11 En hulle wat jou beskuldig van oortreding, hulle hoop sal vernietig word, en hulle vooruitsigte sal wegsmelt soos die wit [a]ryp smelt voor die brandende strale van die opkomende son;

12 En ook dat God sy hand en seël daarop geplaas het om die [a]tye en die seisoene te verander, en om hulle verstand te verblind, sodat hulle nie sy wonderbaarlike werkinge mag verstaan nie; sodat hy hulle ook mag beproef en hulle in hul eie listigheid vang.

13 En ook omdat hulle harte verdorwe is, en die dinge wat hulle gewillig is om oor andere te bring,

**121** 1*a* Ps. 13:1–2; 102:1–2.
2*a* Háb. 1:2.
3*a* L&V 109:49.
4*a* GS Almagtig.
*b* L&V 123:6.
5*a* Lk. 18:7–8.
7*a* GS Teenstand.
8*a* 1 Petr. 2:19–23.
GS Volhard.
9*a* L&V 122:3.
10*a* GS Job.
11*a* Ex. 16:14.
12*a* Dan. 2:21.

en daarvan hou dat andere ly, oor [a]hulleself mag kom tot die uiterste toe.

14 Sodat hulle ook teleurgesteld mag wees, en hulle hoop afgesny mag word;

15 En nie baie jare van nou af nie, dat hulle en hul nageslag afgevee sal word van onder die hemel, sê God, dat nie een van hulle oorbly om by die muur te staan nie.

16 Vervloek is al diegene wat die hakskeen oplig teen my [a]gesalfdes, sê die Here, en uitroep dat hulle [b]gesondig het wanneer hulle nie voor My gesondig het nie, sê die Here, maar dit gedoen het wat gepas was in my oë, en wat Ek hulle gebied het.

17 Maar diegene wat oortreding roep, doen dit omdat hulle die diensknegte van die sonde is, en self die [a]kinders van ongehoorsaamheid is.

18 En diegene wat valslik sweer teen my diensknegte, sodat hulle hul tot slawerny en die dood mag bring—

19 Wee hulle; omdat hulle my kleintjies [a]aanstoot gegee het, sal hulle afgesny word van die [b]ordinansies van my huis.

20 Hulle [a]mandjie sal nie vol wees nie, hulle huise en hulle skure sal vergaan, en hulleself sal verag word deur diegene wat hulle gevlei het.

21 Hulle sal nie die reg tot die [a]priesterskap hê nie, nóg hulle nageslag na hulle van geslag tot geslag.

22 Dit sou [a]beter vir hulle gewees het as ′n meulsteen om hulle nekke gehang was, en hulle in die diepte van die see verdrink het.

23 Wee al diegene wat my volk pla, en hulle verdryf, en vermoor, en getuig teen hulle, sê die Here van die Leërskare; ′n [a]geslag van adders sal nie die verdoemenis van die hel vryspring nie.

24 Kyk, my oë [a]sien en ken al hulle werke, en Ek het ′n spoedige [b]oordeel wat wag in die seisoen daarvan, vir hulle almal;

25 Want daar is ′n [a]tyd bepaal vir elke mens, volgens wat sy [b]werke sal wees.

26 God sal aan julle [a]kennis gee deur sy [b]Heilige Gees, ja deur die onuitspreeklike [c]gawe van die Heilige Gees, wat nie geopenbaar is vanaf die wêreld was tot nou nie;

27 Wat ons voorvaders afgewag het met gretige verwagtinge om geopenbaar te word in die laaste tye, waarop hulle gedagtes gerig is deur die engele,

13*a* Spr. 28:10; 1 Ne. 14:3.
16*a* 1 Sam. 26:9; Ps. 105:15.
*b* 2 Ne. 15:20; Moro. 7:14, 18.
17*a* Efés. 5:6.
19*a* Matt. 18:6. GS Aanstoot Gee.
*b* GS Ordinansies.
20*a* Deut. 28:15–20.
21*a* GS Priesterskap.
22*a* Matt. 18:6; L&V 54:5.
23*a* Matt. 12:34.
24*a* GS Alwetend.
*b* Hel. 8:25. GS Regter, Oordeel.
25*a* Job 7:1; L&V 122:9.
*b* GS Werke.
26*a* Dan. 2:20–22; Gel. Art. 1:9. GS Openbaring.
*b* L&V 8:2–3.
*c* GS Gawe van die Heilige Gees.

soos teruggehou vir die volheid van hulle heerlikheid;

28 'n Toekomstige tyd waarin [a]niks teruggehou sal word nie, hetsy daar een God of vele [b]gode is, dit sal geopenbaar word.

29 Alle trone en heerskappye, prinsdomme en magte, sal [a]geopenbaar en geskenk word aan almal wat dapper volhard het vir die evangelie van Jesus Christus.

30 En ook, of daar [a]perke gestel is aan die hemele of die seë, of aan die droë grond, of aan die son, maan of sterre—

31 Al die tye van hulle omwentelinge, al die aangewese dae, maande, en jare, en al die dae van hulle dae, maande, en jare, en al hulle heerlikhede, wette, en vasgestelde tye, sal geopenbaar word in die dae van die [a]tydvak van die volheid van tye—

32 Ooreenkomstig dit wat geordineer is in die midde van die [a]Raad van die Ewige [b]God van alle ander gode voor hierdie wêreld was, wat teruggehou is tot die voleinding en die einde daarvan, wanneer elkeen sy ewige [c]teenwoordigheid en sy onsterflike [d]rus sal binnegaan.

33 Hoe lank kan rollende waters onsuiwer bly? Watter krag sal die hemele terughou? Net so min as wat 'n mens sy swak arm mag uitstrek om die Missouri-rivier in sy vasgestelde koers te stop, of dit stroomop te draai, net so om die Almagtige te verhinder om [a]kennis van die hemel op die hoofde van die Heiliges van die Laaste Dae uit te stort.

34 Kyk, daar is vele [a]geroep, maar weinig word [b]gekies. En waarom word hulle nie gekies nie?

35 Omdat hulle harte so gesteld is op die dinge van hierdie [a]wêreld, en strewe na die [b]eer van mense, dat hulle nie hierdie een les leer nie—

36 Dat die [a]regte van die priesterskap onlosmaaklik verbind is met die [b]magte van die hemel, en dat die magte van die hemel nie beheer nóg hanteer kan word, behalwe volgens die beginsels van [c]regverdigheid.

37 Dat hulle aan ons toegeken mag word, dit is waar; maar wanneer ons probeer om ons [a]sondes te [b]bedek, of om ons [c]hoogmoed te bevredig, ons ydele ambisie,

---

28*a* L&V 42:61; 76:7–8; 98:12.
*b* Ps. 82:1, 6; Joh. 10:34–36; 1 Kor. 8:5–6; L&V 76:58; 132:20; Abr. 4:1; 5:1–2.
29*a* L&V 101:32.
30*a* Job 26:7–14; Ps. 104:5–9; Hand. 17:26.
31*a* GS Tydvak.
32*a* GS Raadsvergadering in die Hemel.
*b* Deut. 10:17.
*c* GS Mens die, Mense—Die mens, potensiaal om soos Hemelse Vader te word.
*d* GS Rus.
33*a* L&V 128:19. GS Kennis.
34*a* Matt. 20:16; 22:1–14; L&V 95:5–6. GS Roep, Geroepe van God, Roeping.
*b* GS Kies, Gekies, Gekose.
35*a* GS Wêreldsheid.
*b* Matt. 6:2; 2 Ne. 26:29.
36*a* GS Gesag; Priesterskap.
*b* GS Krag.
*c* GS Regverdigheid, Regverdig.
37*a* GS Sonde.
*b* Spr. 28:13.
*c* GS Hoogmoed.

of om beheer of heerskappy of dwang uit te oefen oor die siele van die kinders van mense, in enige mate van ongeregtigheid, kyk, die hemele [d]onttrek hulleself; die Gees van die Here is gegrief; en wanneer dit onttrek is, Amen aan die priesterskap of die gesag van daardie man.

38 Kyk, voor hy bewus is, is hy aan homself oorgelaat, om teen die prikkels te [a]skop, om die heiliges te [b]vervolg, en om teen God te stry.

39 Ons het deur bittere ervaring geleer dat dit die [a]aard en geneigdheid van feitlik alle mense is, so gou as wat hulle ʼn bietjie gesag kry, soos hulle veronderstel, sal hulle onmiddellik begin om onregverdige heerskappy uit te oefen.

40 Daarom word vele geroep, maar weinig word gekies.

41 Geen mag of invloed kan of behoort gehandhaaf te word deur middel van die priesterskap nie, behalwe deur [a]oorreding, deur [b]lankmoedigheid, deur saggeaardheid en sagmoedigheid, en deur ongeveinsde liefde.

42 Deur vriendelikheid, en suiwere kennis, wat die siel grootliks sal vergroot sonder [a]huigelary, en sonder [b]bedrog—

43 En [a]berispe betyds met skerpheid, wanneer geïnspireer deur die Heilige Gees; en toon dan daarna ʼn toename in [b]liefde teenoor hom wat jy berispe het, sodat hy jou nie as sy vyand beskou nie;

44 Sodat hy mag weet dat jou getrouheid sterker is as die bande van die dood.

45 Laat jou binneste ook gevul wees met naasteliefde teenoor alle mense, en teenoor die huisgenote van die geloof, en laat [a]deugsaamheid jou [b]gedagtes voortdurend versier; dan sal jou selfvertroue toeneem in die teenwoordigheid van God; en die leerstelling van die priesterskap sal op jou siel neerdrup soos die [c]dou vanuit die hemel.

46 Die [a]Heilige Gees sal jou voortdurende metgesel wees, en jou septer, ʼn onveranderende septer van regverdigheid en waarheid; en jou [b]heerskappy sal ʼn ewigdurende heerskappy wees, en sonder dwang sal dit vir ewig en ewig na jou vloei.

## AFDELING 122

*Die woord van die Here aan Joseph Smith die Profeet, terwyl hy ʼn gevangene was in die gevangenis te Liberty, Missouri. Hierdie*

37*d* L&V 1:33.
38*a* Hand. 9:5.
*b* GS Vervolg, Vervolging.
39*a* GS Natuurlike Mens.
41*a* 1 Petr. 5:1–3.
*b* 2 Kor. 6:4–6.
42*a* Jak. 3:17.
*b* GS Bedrog, Bedrieg, Bedrieër.
43*a* GS Kasty, Kastyding.
*b* GS Liefde; Naasteliefde.
45*a* GS Deugsaamheid.
*b* GS Gedagtes.
*c* Deut. 32:1–2; L&V 128:19.
46*a* GS Heilige Gees.
*b* Dan. 7:13–14.

*afdeling is ʼn uittreksel uit ʼn brief aan die Kerk gedateer 20 Maart 1839 (sien die opskrif van afdeling 121).*

*1–4, Die eindes van die aarde sal navraag doen oor die naam van Joseph Smith; 5–7, Al sy gevare en lydings sal vir hom ervaring gee en vir sy beswil wees; 8–9, Die Seun van die Mens het benede dit alles gedaal.*

Die eindes van die aarde sal navraag doen na jou [a]naam, en dwase sal jou bespot, en die hel sal teen jou woed;
2 Terwyl die reines van hart, en die verstandiges, en die eerbares, en die deugsames, voortdurend [a]raad, en gesag, en seëninge onder jou hand sal soek.
3 En jou volk sal nooit teen jou draai deur die getuienis van verraaiers nie.
4 En alhoewel hulle invloed jou in die moeilikheid sal laat beland, en agter tralies en mure, sal jy in ere gehou word, en slegs vir ʼn kort [a]oomblik en jou stem sal vreesliker wees te midde van jou vyande as ʼn verwoede [b]leeu, vanweë jou regverdigheid; en jou God sal by jou staan vir ewig en ewig.
5 Indien jy geroep word om beproewing deur te maak; indien jy in gevaar verkeer onder valse broers; indien jy in gevaar verkeer onder rowers, indien jy in gevaar verkeer op land of op see;
6 Indien jy beskuldig word met allerlei valse beskuldigings; indien jou vyande op jou toesak; indien hulle jou wegskeur van die gemeenskap van jou vader en moeder en broers en susters; en indien jou vyande jou met ʼn ontblote swaard wegskeur van die boesem van jou vrou, en van jou kinders en jou oudste seun, alhoewel slegs ses jaar oud, sal vasklou aan jou klere en sal sê, My vader, my vader, waarom kan u nie by ons bly nie? O my vader, wat gaan die mans met u doen? En indien hy dan van jou weggestoot word met ʼn swaard, en jy na die gevangenis gesleep word, en jou vyande om jou sluip soos [a]wolwe vir die bloed van die lam;
7 En indien jy in die kuil gewerp word, of in die hande van moordenaars, en die doodsvonnis opgelê word; indien jy in die [a]dieptes gewerp word; indien die siedende golwe teen jou saamspan; indien sterk winde jou vyande word; indien die hemele swart word, en al die elemente kombineer om die weg te versper; en bowenal, indien selfs die kake van die [b]hel die mond wyd sal open vir jou, weet jy, my seun, dat al hierdie dinge vir jou [c]ervaring sal gee, en vir jou beswil sal wees.
8 Die [a]Seun van die Mens het

**122** 1*a* JS—G 1:33.
2*a* GS Raad.
4*a* L&V 121:7–8.
*b* 3 Ne. 20:16–21; 21:12.
6*a* Lk. 10:3.
7*a* Jona 2:3–6.
*b* 2 Sam. 22:5–7; JS—G 1:15–16.
*c* 2 Kor. 4:17; Hebr. 12:10–11; 2 Ne. 2:11.
8*a* GS Seun van die Mens.

benede hulle almal [b]gedaal. Is jy groter as Hy?

9 Daarom, bly op die weg, en die priesterskap sal met jou [a]wees; want hulle [b]grense is vasgestel, hulle kan nie verbygaan nie. Jou [c]dae is bekend, en jou jare sal nie verminder word nie; daarom, [d]vrees nie wat die mens kan doen nie, want God sal met jou wees vir ewig en ewig.

# AFDELING 123

*Plig van die Heiliges ten opsigte van hulle vervolgers, soos geskryf deur Joseph Smith die Profeet terwyl hy 'n gevangene was in die gevangenis te Liberty, Missouri. Hierdie afdeling is 'n uittreksel uit 'n brief aan die Kerk gedateer 20 Maart 1839 (sien die opskrif van afdeling 121).*

*1–6, Die Heiliges moet 'n verslag van hulle lydings en vervolgings versamel en publiseer; 7–10, Dieselfde gees wat die valse geloofsbelydenisse gevestig het, lei ook tot die vervolging van die Heiliges; 11–17, Vele onder alle sektes sal nog die waarheid ontvang.*

En verder, ons wil vir julle oorweging die wenslikheid voorstel dat al die heiliges 'n kennis van al die feite versamel, en lydings en mishandeling wat op hulle geplaas is deur die mense van hierdie Staat;

2 En ook van al die besittings en omvang van die skade wat hulle gely het, beide van karakter en persoonlike beserings, sowel as vaste eiendom;

3 En ook die name van al die persone wat 'n aandeel gehad het in hulle verdrukkinge, in soverre hulle hul in die hande kan kry en hulle kan uitvind.

4 En moontlik kan 'n komitee aangestel word om hierdie dinge uit te vind, en om verklarings af te neem asook beëdigde verklarings; en ook om die lasterlike publikasies wat in omloop is, bymekaar te maak.

5 En alles wat in die tydskrifte is, en in die ensiklopedieë, en al die lasterlike geskiedenisse wat gepubliseer word, en geskryf word, en deur wie, en die hele aaneenskakeling van duiwelse skurkagtigheid en bose en moordlustige misdade wat uitgevoer is op hierdie volk—

6 Sodat ons hulle nie net aan die hele wêreld bekendmaak nie, maar sodat ons hulle aan die hoofde van regerings kan voorlê in al hulle duistere en helse

8 *b* Hebr. 2:9, 17–18; L&V 76:107; 88:6.
9 *a* L&V 90:3.
*b* Hand. 17:26.
*c* L&V 121:25.
*d* Neh. 4:14; Ps. 56:4; 118:6; Spr. 3:5–6; Jes. 51:7; Lk. 12:4–5; 2 Ne. 8:7; L&V 3:7; 98:14.

skakeringe, as die laaste poging wat van ons vereis word deur ons Hemelse Vader, voor ons ten volle en volledig daardie belofte kan opeis wat Hom sal uitroep vanuit sy [a]skuilplek; en ook sodat die hele nasie sonder verskoning gelaat mag word voor Hy die krag van sy magtige arm kan uitstuur.

7 Dit is ʼn onvermydelike plig wat ons aan God verskuldig is, aan engele, met wie ons gebring sal word om te staan, en ook aan onsself, aan ons vroue en kinders, wat gedwing is om neer te buig vanweë leed, droefheid, en sorge, onder die mees verdoemlike hand van moord, tirannie, en onderdrukking, ondersteun en aangespoor en onderhou deur die invloed van daardie gees wat so sterk die geloofsoortuiginge van die vaders vasgenael het, wat leuens beërwe het, in die harte van die kinders, en die wêreld gevul het met verwarring, en het sterker en sterker gegroei, en is nou die hoofbron van alle korrupsie, en die hele [a]aarde kreun onder die gewig van sy ongeregtigheid.

8 Dit is ʼn ysere [a]juk, dit is ʼn sterk band; hulle is in der waarheid boeie, en kettings, en kluisters en bande van die hel.

9 Dit is daarom ʼn onvermydelike plig wat ons skuld, nie slegs aan ons eie vroue en kinders nie, maar aan die weduwees en die vaderloses, wie se mans en vaders [a]vermoor is onder sy ysere hand;

10 Welke donker en duisterniswekkende dade genoeg is om die hel self te laat sidder, en om geskok en bleek te staan, en selfs die hande van die duiwel te laat bewe en te skud.

11 En dit is ook ʼn onvermydelike plig wat ons skuld aan die opkomende geslag, en aan al die reines van hart—

12 Want daar is vele nog op die aarde onder alle sektes, partye, en genootskappe, wat [a]verblind is deur die sluwe listigheid van die mens, waardeur hulle op loer lê om te bedrieg, en wat slegs van die waarheid weerhou word omdat hulle [b]nie weet waar om dit te vind nie—

13 Daarom, dat ons ons lewens moet deurbring en afslyt om al die [a]verborge dinge van die duisternis aan die lig te bring, waarin ons hulle ken; en hulle word waarlik vanuit die hemel geopenbaar—

14 Hierdie moet dan met groot erns hanteer word.

15 Laat niemand hulle as geringe dinge reken nie; want daar is veel wat in die toekoms lê, betreffende die heiliges, wat van hierdie dinge afhang.

16 Julle weet broers, dat ʼn baie groot skip baie [a]bevoordeel word

**123** 6*a* L&V 101:89; 121:1, 4.
7*a* Moses 7:48–49.
8*a* GS Juk.
9*a* L&V 98:13; 124:54.
12*a* Kol. 2:8; L&V 76:75.
*b* 1 Ne. 8:21–23.
13*a* 1 Kor. 4:5.
16*a* Jak. 3:4; Alma 37:6–7; L&V 64:33.

deur 'n baie klein stuur tydens 'n storm, deur dit te laat saamwerk met die wind en die golwe.

17 Daarom, geliefde broers, laat ons [a]blymoedig alle dinge doen wat in ons mag is; en dan mag ons stilstaan, met die uiterste versekering, om die [b]heil van God te sien, en vir sy arm om geopenbaar te word.

# AFDELING 124

*Openbaring gegee aan Joseph Smith die Profeet, te Nauvoo, Illinois, 19 Januarie 1841. Vanweë toenemende vervolgings en onwettige prosedures teen hulle deur openbare amptenare, was die heiliges gedwing om Missouri te verlaat. Die uitwissingsbevel wat deur Lilburn W. Boggs, goewerneur van Missouri, gedateer 27 Oktober 1838, uitgereik was, het hulle geen keuse gelaat nie. In 1841, toe hierdie openbaring gegee is, was die stad Nauvoo op die plek van die voormalige dorpie Commerce, Illinois, opgebou deur die Heiliges, en hier is die hoofkwartier van die kerk gevestig.*

*1–14, Joseph Smith word gebied om 'n plegtige proklamasie van die evangelie te maak aan die president van die Verenigde State, die goewerneurs, en die heersers van alle nasies; 15–21, Hyrum Smith, David W. Patten, Joseph Smith Snr., en andere onder die lewendes en die dode word geseën vanweë hulle integriteit en deugde; 22–28, Die Heiliges word gebied om 'n huis te bou beide vir die onthaal van vreemdelinge en 'n tempel in Nauvoo; 29–36, Dope vir die dode moet in tempels uitgevoer word; 37–44, Die Here se volk bou altyd tempels vir die uitvoering van heilige ordinansies; 45–55, Die Heiliges word vrygestel van die bou van die tempel in die Jackson-distrik vanweë die verdrukking deur hul vyande; 56–83, Aanwysings word gegee vir die bou van die Nauvoo-huis; 84–96, Hyrum Smith word geroep om 'n patriarg te wees, om die sleutels te ontvang en om in die plek van Oliver Cowdery te staan; 97–122, William Law en andere word raad gegee ten opsigte van hulle arbeid; 123–145, Algemene en plaaslike ampsdraers word benoem, tesame met hulle pligte en kworum-verbintenisse.*

VOORWAAR, so sê die Here vir jou, my dienskneg Joseph Smith, Ek het 'n welbehae in jou offerande en bekentenisse wat jy gemaak het; want vir hierdie doel het Ek jou voorberei, sodat Ek my wysheid mag toon deur die [a]swak dinge van die aarde.

17 *a* L&V 59:15.
*b* Ex. 14:13.

**124** 1 *a* 1 Kor. 1:26–28; L&V 1:19; 35:13.

2 Jou gebede is aanvaarbaar voor my; en dit is in antwoord op hulle wat Ek vir jou sê, dat jy nou onmiddellik geroep word om ʼn ernstige proklamasie te maak van my evangelie, en van hierdie [a]pen wat Ek geplant het om ʼn hoeksteen van Sion te wees, wat gepoleer sal word met die verfyning wat ooreenkomstig dié van ʼn paleis is.

3 Hierdie proklamasie sal gemaak word aan al die [a]konings van die wêreld, aan die vier hoeke daarvan, aan die agbare pasverkose president, en die eerbiedwaardige goewerneurs van die nasie waarin jy leef, en aan al die nasies van die aarde wat oraloor verstrooi is.

4 Laat dit geskryf word in die gees van [a]sagmoedigheid en deur die mag van die Heilige Gees, wat in jou sal wees ten tyde die skrywe daarvan;

5 Want dit sal jou deur die Heilige Gees gegee word om my wil te ken aangaande daardie konings en gesaghebbendes, naamlik wat hulle sal oorkom in ʼn toekomende tyd.

6 Want, kyk, Ek is op die punt om hulle te vra om ag te slaan op die lig en heerlikheid van Sion, want die bestemde tyd het gekom om haar te begunstig.

7 Roep jy, daarom, hulle aan met luide proklamasie, en met jou getuienis, en vrees hulle nie, want hulle is soos [a]gras, en al hulle heerlikheid soos die blom daarvan wat gou val, sodat hulle ook sonder verskoning gelaat mag word—

8 En sodat Ek hulle mag besoek in die dag van besoeking, wanneer Ek die gesig van my bedekking sal ontsluier, om die deel van die verdrukker toe te wys onder die huigelaars, waar daar ʼn [a]gekners van tande is, indien hulle my diensknegte en my getuienis verwerp wat Ek aan hulle geopenbaar het.

9 En verder, Ek sal hulle besoek en hulle harte versag, talle van hulle vir julle beswil, sodat julle genade mag vind in hulle oë, sodat hulle tot die [a]lig van die waarheid mag kom, en die nie-Jode tot die verheffing en verhoging van Sion.

10 Want die dag van my besoeking kom spoediglik, op ʼn [a]uur wat julle nie dink nie; en waar sal die veiligheid van my volk wees, en toevlug vir diegene van hulle wat sal oorbly?

11 Ontwaak, o konings van die aarde! Kom julle, o kom julle, met julle goud en julle silwer, tot die hulp van my volk, na die huis van die dogters van Sion.

12 En verder, voorwaar Ek sê vir

2*a* GS Pen.
3*a* Ps. 119:46; Matt. 10:18; L&V 1:23.
4*a* GS Sagmoedig, Sagmoedigheid.
7*a* Ps. 103:15–16; Jes. 40:6–8; 1 Petr. 1:24–25.
8*a* Matt. 8:12; Alma 40:13; L&V 101:91; 112:24.
9*a* Jes. 60:1–4. GS Lig, Lig van Christus.
10*a* Matt. 24:44; JS—M 1:48.

jou, laat my dienskneg Robert B. Thompson jou help om hierdie proklamasie te skryf, want Ek het ʹn welbehae in hom, en dat hy by jou moet wees.
13 Laat hom, daarom, ag slaan op jou raad, en Ek sal hom seën met ʹn menigvuldigheid van seëninge; laat hom getrou en betroubaar wees in alle dinge van nou af, en hy sal groot wees in my oë;
14 Maar laat hom onthou dat Ek sy [a]rentmeesterskap vanuit sy hande sal vereis.
15 En verder, voorwaar Ek sê vir jou, geseënd is my dienskneg [a]Hyrum Smith; want Ek, die Here, het hom lief vanweë die [b]integriteit van sy hart, en omdat hy dít liefhet wat reg is voor my, sê die Here.
16 Verder, laat my dienskneg John C. Bennett jou help in jou arbeid om my woord te stuur aan die konings en volke van die aarde, en jou bystaan, naamlik my dienskneg Joseph Smith, in die uur van verdrukking; en sy loon sal nie faal as hy [a]raad aanvaar nie.
17 En vanweë sy liefde sal hy groot wees, want hy sal myne wees as hy dit doen sê die Here. Ek het die werk gesien wat hy gedoen het, wat Ek aanneem indien hy aanhou, en sal hom kroon met seëninge en groot heerlikheid.
18 En verder, Ek sê vir jou dat dit my wil is dat my dienskneg Lyman Wight moet aanhou om vir Sion te preek, in die gees van sagmoedigheid; en My bely voor die wêreld; en Ek sal hom na bo dra soos op vlerke van [a]arende; en hy sal heerlikheid en eer vir homself en vir my Naam verwerf.
19 Sodat wanneer hy sy werk sal voltooi, Ek hom tot myself mag ontvang, net soos Ek gedoen het met my dienskneg [a]David Patten, wat op die oomblik by My is, en ook my dienskneg [b]Edward Partridge, en ook my bejaarde dienskneg [c]Joseph Smith, Snr., wat [d]met Abraham aan sy regterhand sit, en geseënd en heilig is hy, want hy is myne.
20 En verder, voorwaar Ek sê vir jou, my dienskneg George Miller is sonder [a]bedrog; hy mag vertrou word vanweë die integriteit van sy hart; en vanweë die liefde wat hy het vir my getuienis, Ek die Here, het hom lief.
21 Ek sê daarom vir jou, Ek verseël op sy hoof die amp van ʹn [a]biskop, net soos my dienskneg Edward Partridge, sodat hy die toewydings van my huis mag ontvang, sodat hy seëninge mag gee op die hoofde van die armes van my volk, sê die Here. Laat niemand my dienskneg George minag nie, want hy sal My eer.
22 Laat my dienskneg George,

14*a* GS Rentmeester, Rentmeesterskap.
15*a* GS Smith, Hyrum.
*b* GS Integriteit.
16*a* GS Raad.
18*a* Ex. 19:4; Jes. 40:31.
19*a* L&V 124:130. GS Patten, David W.
*b* GS Partridge, Edward.
*c* GS Smith, Joseph, Snr.
*d* L&V 137:5.
20*a* GS Bedrog, Bedrieg, Bedrieër.
21*a* L&V 41:9. GS Biskop.

en my dienskneg Lyman, en my dienskneg John Snider, en andere, ʼn [a]huis vir my Naam bou, so een as wat my dienskneg Joseph aan hulle sal toon, op die plek wat hy ook aan hulle sal toon.

23 En dit sal ʼn losieshuis wees, ʼn huis waarheen vreemdelinge mag kom van ver om daarin te vertoef; daarom, laat dit ʼn goeie huis wees, waardig van alle aanvaarding, sodat die moeë [a]reisiger gesondheid en veiligheid mag vind terwyl hy die woord van die Here oordink; en die [b]hoeksteen wat Ek vir Sion aangewys het.

24 Hierdie huis sal ʼn gesonde woning wees as dit vir my Naam gebou word, en indien die bestuurder wat daaroor aangestel sal word, nie sal toelaat dat enige besoedeling dit binnekom nie. Dit sal heilig wees, anders sal die Here jou God nie daarin woon nie.

25 En verder, voorwaar Ek sê vir jou, laat al my heiliges van ver kom.

26 En stuur julle vinnige boodskappers, ja, gekose boodskappers, en sê vir hulle: Kom julle, met alle julle goud, en julle silwer, en julle edelstene, en met al julle oudhede; en met almal wat kennis het van oudhede, wat wil kom, mag kom, en bring die plataan, en die sipresboom, en die denneboom, tesame met al die kosbare bome van die aarde;

27 En met yster, met koper, en met brons, en met sink, en met al julle kosbare dinge van die aarde; en bou ʼn [a]huis vir my Naam, vir die Allerhoogste om daarin te [b]woon.

28 Want daar is nie ʼn plek te vinde op die aarde waarheen Hy kan kom om dit weer te [a]herstel wat verlore was vir julle nie, of wat Hy weggeneem het, naamlik die volheid van die priesterskap.

29 Want ʼn [a]doopvont is daar nie op die aarde, sodat hulle, my heiliges, [b]gedoop mag word vir diegene wat dood is nie—

30 Want hierdie ordinansie hoort in my huis, en kan nie aanvaarbaar wees vir My nie, slegs in die dae van julle armoede, waarin julle nie in staat was om ʼn huis vir My te bou nie.

31 Maar Ek gebied julle, al my heiliges, om ʼn huis vir My te [a]bou; en Ek gun julle genoeg tyd om ʼn huis vir My te bou; en gedurende hierdie tyd sal julle dope aanvaarbaar wees vir My.

32 Maar kyk, aan die einde van die aangewese tyd, sal julle dope vir die dode nie aanvaarbaar wees vir my nie; en as julle nie hierdie dinge doen aan die einde van die aangewese tyd nie, sal

22 *a* L&V 124:56–60.
23 *a* Deut. 31:12; Matt. 25:35, 38.
*b* L&V 124:2.
27 *a* L&V 109:5. GS Tempel, Huis van die Here.
*b* Ex. 25:8; L&V 97:15–17.
28 *a* GS Herstelling van die Evangelie.
29 *a* L&V 128:13.
*b* 1 Kor. 15:29; L&V 127:6; 138:33. GS Doop—Doop vir die dode; Heil vir die Dode.
31 *a* L&V 97:10.

julle verwerp word as ′n kerk, met julle dode, sê die Here julle God.
33 Want voorwaar Ek sê vir julle, dat nadat julle genoeg tyd gehad het om vir My ′n huis te bou, waarin die ordinansie van die doop vir die dode behoort, en waarvoor dit ingestel is vanaf voor die grondlegging van die wêreld, kan julle dope vir die dode nie vir My aanvaarbaar wees nie.
34 Want daarin is die [a]sleutels van die heilige priesterskap geordineer, sodat julle eer en heerlikheid mag ontvang.
35 En na hierdie tyd is julle dope vir die dode, deur diegene wat orals verstrooi is, nie aanvaarbaar vir My nie, sê die Here.
36 Want dit is geordineer dat in Sion, en in haar penne, en in Jerusalem, daardie plekke wat Ek aangedui het vir [a]skuiling, sal die plekke wees vir die dope vir julle dooies.
37 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, hoe sal julle [a]wassinge aanvaarbaar wees vir My, tensy julle hulle uitvoer in ′n huis wat julle vir my Naam gebou het?
38 Want, om hierdie rede het Ek Moses gebied dat hy ′n [a]tabernakel moet bou, dat hulle dit saam met hulle moet dra in die wildernis, en om ′n [b]huis te bou in die land van belofte, sodat daardie ordinansies geopenbaar mag word wat verborge was van voor die wêreld was.
39 Daarom, voorwaar Ek sê vir julle, dat julle [a]salwings, en julle wassinge en julle [b]dope vir die dode, en julle [c]plegtige samekomste, julle gedenkdienste vir julle [d]offers deur die seuns van Levi, en vir julle openbarings in julle [e]allerheiligste plekke waarin julle mededelinge ontvang, en julle insettinge en oordele, vir die begin van die openbarings en grondlegging van Sion, en vir die heerlikheid, eer, en begiftiging van al haar inwoners, word geordineer deur die ordinansie van my heilige huis, wat my volk altyd gebied word om vir my heilige Naam te bou.
40 En voorwaar Ek sê vir julle, laat hierdie huis gebou word vir my Naam, sodat Ek my ordinansies daarin aan my volk kan openbaar;
41 Want Ek ag dit gerade om aan my kerk dinge te [a]openbaar wat verborge [b]gehou is van voor die grondlegging van die wêreld, dinge betreffende die tydvak van die [c]volheid van tye.
42 [a]En Ek sal aan my dienskneg

34*a* L&V 110:14–16.
GS Sleutels van die Priesterskap.
36*a* Jes. 4:5–6.
37*a* GS Was, Gewas, Wassings.
38*a* Ex. 25:1–9; 33:7.
GS Tabernakel.
*b* GS Tempel, Huis van die Here.
39*a* Ex. 29:7.
GS Salf.
*b* GS Ordinansies—Plaasvervangende ordinansies.
*c* L&V 88:117.
*d* L&V 13; 84:31; 128:24; JS—G 1:69.
*e* Eség. 41:4; L&V 45:32; 87:8; 101:22.
41*a* Gel. Art. 1:9.
*b* L&V 121:26–32.
*c* Efés. 1:9–10; L&V 27:13; 112:30.
42*a* L&V 95:14–17.

Joseph alle dinge toon betreffende hierdie huis, en die priesterskap daarvan, en die plek waarop dit gebou sal word.

43 En julle sal dit op die plek bou waar julle oorweeg het om dit te bou, want dit is die plek wat Ek gekies het vir julle om dit te bou.

44 Indien julle arbei met al julle mag, sal Ek daardie plek toewy sodat dit [a]geheilig mag word.

45 En indien my volk sal ag slaan op my stem, en op die stem van my [a]diensknegte wat Ek aangestel het om my volk te lei, kyk, voorwaar, Ek sê vir julle, hulle sal nie verwyder word uit hulle plek nie.

46 Maar indien hulle nie wil ag slaan op my stem nie, nóg op die stem van hierdie mans wat Ek aangestel het, sal hulle nie geseënd wees nie, omdat hulle my heilige grond besoedel, en my heilige ordinansies en handveste, en my heilige woorde wat Ek aan hulle gee.

47 En dit sal geskied dat indien julle ′n huis vir my Naam bou, en nie die dinge doen wat Ek sê nie, sal Ek nie die [a]eed nakom wat Ek aan julle maak nie, nóg die beloftes vervul wat julle vanuit my hande verwag, sê die Here.

48 Want [a]in plaas van seëninge, julle, bring julle deur julle eie werke, vervloekinge, toorn, verontwaardiging, en oordele oor julle eie hoofde, deur julle dwaashede, en deur al jul gruwels, wat julle voor my beoefen, sê die Here.

49 Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, dat wanneer Ek ′n gebod gee aan enige van die seuns van mense om ′n werk te doen vir my Naam, en daardie seuns van mense begin met hulle hele mag en met alles wat hulle het om daardie werk te doen, en nie ophou in hulle [a]ywer nie, en hulle vyande val hulle aan en verhinder hulle om daardie werk uit te voer, kyk, dit betaam my dat Ek nie meer daardie werk van die hande van die seuns van mense [b]vereis nie, maar om hulle offerandes te aanvaar.

50 En die ongeregtigheid en oortredings van my heilige wette en gebooie sal Ek [a]besoek op die hoofde van diegene wat my werk verhinder het, tot die derde en vierde [b]geslag, solank as wat hulle nie [c]bekeer nie, en My haat, sê die Here God.

51 Daarom, om hierdie rede het Ek die offerandes aanvaar van diegene wat Ek gebied het om ′n stad op te bou asook ′n [a]huis vir my Naam, in die [b]Jacksondistrik, Missouri, en verhinder is deur hulle vyande, sê die Here julle God.

52 Ek sal antwoord met [a]oordeel, toorn, en verontwaardiging,

44*a* GS Heilig.
45*a* L&V 1:38.
GS Profeet.
47*a* GS Eed.
48*a* Deut. 28:15.
49*a* GS Ywer.
*b* L&V 56:4; 137:9.
50*a* Mosia 12:1.
*b* Deut. 5:9;
L&V 98:46–47.
*c* GS Bekeer, Bekering.
51*a* L&V 115:11.
*b* GS Jackson-distrik, Missouri (VSA).
52*a* L&V 121:11–23.

geween en smart, en gekners van tande op hulle hoofde, tot die derde en vierde geslag, solank hulle nie bekeer nie en My haat sê die Here julle God.

53 En dit maak Ek ʼn voorbeeld vir julle, vir julle vertroosting aangaande al diegene wat gebied is om ʼn werk te doen en verhinder is deur die hande van hulle vyande, en deur verdrukking, sê die Here julle God.

54 Want Ek is die Here julle God, en sal al diegene van julle broers red wat [a]rein van hart was, en [b]gedood is in die land Missouri, sê die Here.

55 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, Ek gebied julle weer eens om ʼn [a]huis vir my Naam te bou, en wel op hierdie plek, sodat julle julself mag [b]bewys aan My dat julle getrou is in alle dinge wat Ek julle ook al gebied, sodat Ek julle mag seën, en julle kroon met eer, onsterflikheid, en die ewige lewe.

56 En nou sê Ek vir julle, betreffende my [a]losieshuis wat Ek julle gebied het om te bou vir die inwoning van vreemdelinge, laat dit vir my Naam gebou word, en laat my Naam daarop voorkom, en laat my dienskneg Joseph en sy huis plek daarin hê, van geslag tot geslag.

57 Want hierdie salwing het Ek op sy hoof geplaas, sodat sy seëning ook op die hoof van sy afstammelinge na hom geplaas sal word.

58 En soos Ek vir [a]Abraham gesê het aangaande die stamme van die aarde, net so sê Ek vir my dienskneg Joseph: In jou en in jou [b]saad sal die stamme van die aarde geseën word.

59 Daarom, laat my dienskneg Joseph en sy saad na hom plek hê in daardie huis, van geslag tot geslag, vir ewig en ewig, sê die Here.

60 En laat die naam van daardie huis Nauvoo-huis genoem word; en laat dit ʼn aangename woning wees vir die mens, en ʼn rusplek vir die moeë reisiger, sodat hy die heerlikheid van Sion mag oordink, en die heerlikheid hiervan, die hoeksteen daarvan;

61 Sodat hy ook die raad mag ontvang van diegene wat Ek opgestel het as [a]plante van naam en as [b]wagters op haar mure.

62 Kyk, voorwaar Ek sê vir jou, laat my dienskneg George Miller, en my dienskneg Lyman Wight, en my dienskneg John Snider, en my dienskneg Peter Haws, hulleself organiseer, en een van hulle aanstel om ʼn president van hulle kworum te wees vir die doel om daardie huis te bou.

63 En hulle sal ʼn grondwet vorm, waardeur hulle aandelekapitaal mag ontvang vir die bou van daardie huis.

54 *a* GS Suiwer, Suiwerheid.
*b* L&V 98:13; 103:27–28.
55 *a* L&V 127:4.
*b* Abr. 3:25.
56 *a* L&V 124:22–24.
58 *a* Gén. 12:3; 22:18; Abr. 2:11. GS Abraham.
*b* L&V 110:12. GS Abraham, Verbond van.
61 *a* Jes. 61:3; Eség. 34:29.
*b* GS Waak, Wagte.

64 En hulle sal nie minder as
vyftig dollar ontvang vir ′n aan-
deel in die kapitaal in daardie
huis nie, en hulle sal toegelaat
word om vyftienduisend dollar
van enigeen vir aandele in daar-
die huis te ontvang.
65 Maar hulle sal nie toegelaat
word om meer as vyftienduisend
dollar vir aandele van een per-
soon te ontvang nie.
66 En hulle sal nie toegelaat
word om minder as vyftig dollar
vir ′n aandeel in die kapitaal van
enigeen in daardie huis te ont-
vang nie.
67 En hulle sal nie toegelaat
word om enigeen as ′n aandeel-
houer in hierdie huis te ontvang
nie, tensy hy sy aandelekapitaal
in hulle hande betaal wanneer hy
die aandele ontvang.
68 En in verhouding tot die be-
drag aandelekapitaal wat hy in
hulle hande betaal, sal hy aandele
ontvang in daardie huis; maar in-
dien hy niks in hulle hande betaal
nie, sal hy nie enige aandele in
daardie huis ontvang nie.
69 En indien enigeen aandele-
kapitaal in hulle hande betaal, sal
dit wees vir aandele in daardie
huis, vir homself, en vir sy geslag
na hom, van geslag tot geslag, so-
lank as hy en sy erfgename daar-
die aandele sal behou, en die
aandele nie verkoop of oordra uit
hulle hande deur hulle eie vrye
wil en daad, indien julle my wil
sal uitvoer, sê die Here julle God.
70 En verder, voorwaar, Ek sê
vir julle, indien my dienskneg
George Miller, en my dienskneg
Lyman Wight, en my dienskneg
John Snider, en my dienskneg Pe-
ter Haws, enige aandelekapitaal
in hulle hande ontvang, in geld
of in besittings waarin hulle die
werklike waarde van geld ont-
vang, sal hulle nie enige deel van
daardie aandelekapitaal gebruik
vir enige ander doel nie, behalwe
vir daardie huis.
71 En indien hulle wel enige ge-
deelte van daardie aandelekapi-
taal op enige ander plek aanwend,
behalwe ten opsigte van daardie
huis, sonder die toestemming van
die aandeelhouer, en nie viervou-
dig terugbetaal vir die aandele-
kapitaal wat hulle op enige ander
plek aangewend het nie, behalwe
daardie huis, sal hulle vervloek
wees, en sal uit hulle plek verwy-
der word, sê die Here God; want
Ek, die Here, is God, en kan nie
in enige van hierdie dinge [a]bespot
word nie.
72 Voorwaar Ek sê vir julle, laat
my dienskneg Joseph aandele-
kapitaal in julle hande betaal vir
die bou van daardie huis, soos hy
goeddink; maar my dienskneg
Joseph kan nie meer as vyftien-
duisend dollar aandelekapitaal
betaal nie, ook nie minder as vyf-
tig dollar nie, nóg kan enigeen an-
ders, sê die Here.
73 En daar is ander ook wat my
wil aangaande hul wil weet, want
hulle het dit gevra van my hande.
74 Daarom sê Ek vir julle

71*a* Gal. 6:7.

aangaande my dienskneg Vinson Knight, indien hy my wil wil doen, laat hom aandelekapitaal in daardie huis vir homself plaas, en vir sy geslag na hom, en van geslag tot geslag.

75 En laat hom sy stem lank en luid verhef, te midde van die volk, om die saak van die armes en die behoeftiges te [a]bepleit; en moet hom nie laat faal nie, nóg dat sy hart moed verloor; en Ek sal sy offerandes [b]aanvaar, want hulle sal nie vir My wees soos die offerandes van Kain nie, want hy sal myne wees, sê die Here.

76 Laat sy familie hulleself verbly en hulle harte wegkeer van verdrukking; want Ek het hom gekies en hom gesalf, en hy sal geëer word te midde van sy huis, want Ek sal al sy sondes vergewe, sê die Here. Amen.

77 Voorwaar Ek sê vir julle, laat my dienskneg Hyrum aandelekapitaal in daardie huis plaas soos hy goeddink vir homself en sy geslag na hom, van geslag tot geslag.

78 Laat my dienskneg Isaac Galland aandelekapitaal in daardie huis plaas; want Ek, die Here, het hom lief vir die werk wat hy gedoen het, en Ek sal al sy sondes vergewe, daarom, laat hom onthou word vir ′n belang in daardie huis van geslag tot geslag.

79 Laat my dienskneg Isaac Galland aangestel word onder julle en geordineer word deur my dienskneg William Marks, en deur hom geseën word, om met my dienskneg Hyrum te gaan om die werk uit te voer wat my dienskneg Joseph aan hulle sal uitwys, en hulle sal grootliks geseën word.

80 Laat my dienskneg William Marks aandelekapitaal in daardie huis plaas, soos hy goeddink, vir homself en sy geslag na hom, van geslag tot geslag.

81 Laat my dienskneg Henry G. Sherwood aandelekapitaal in daardie huis plaas, soos hy goeddink, vir homself en sy saad na hom, van geslag tot geslag.

82 Laat my dienskneg William Law aandelekapitaal in daardie huis plaas vir homself en sy saad na hom, van geslag tot geslag.

83 Indien hy my wil wil doen, moenie dat hy sy familie neem na die oostelike landstreke nie, naamlik na Kirtland, nietemin, Ek, die Here, sal Kirtland opbou, maar Ek, die Here, het ′n gésel voorberei vir die inwoners daarvan.

84 En met my dienskneg Almon Babbitt, is daar vele dinge waarin Ek nie ′n welbehae het nie; kyk, hy begeer om sy raad te vestig in plaas van die raad wat Ek geordineer het, naamlik dit van die Presidensie van my kerk; en hy rig ′n [a]goue kalf op vir die aanbidding van my volk.

85 Laat niemand van hierdie plek [a]gaan wat hierheen gekom

75*a* Spr. 31:9.
*b* Gén. 4:4–5; Moses 5:18–28.
84*a* Ex. 32:2–4.
85*a* Lk. 9:62.

het wat poog om my gebooie te onderhou nie.

86 Indien hulle hier lewe, laat hulle vir My lewe; en indien hulle sterwe, laat hulle vir My sterwe; want hulle sal hier [a]rus van alle arbeid, en sal hulle werke voortsit.

87 Daarom, laat my dienskneg William sy vertroue in My plaas, en ophou om te vrees oor sy familie, vanweë die siekte in die streek. Indien julle my [a]liefhet, onderhou my gebooie; en die siekte in die streek sal tot julle heerlikheid [b]strek.

88 Laat my dienskneg William gaan en my ewigdurende evangelie met 'n luide stem verkondig, en met groot vreugde, soos hy geïnspireer sal word deur my [a]Gees, aan die inwoners van Warsaw, en ook aan die inwoners van Carthage, en ook aan die inwoners van Burlington, en ook aan die inwoners van Madison, en geduldig en ywerig wag vir verdere opdragte tydens my algemene konferensie, sê die Here.

89 Indien hy my wil wil doen, laat hom van nou af ag slaan op die raad van my dienskneg Joseph, en met sy rente die [a]saak van die armes ondersteun, en [b]die nuwe vertaling van my heilige woord aan die inwoners van die aarde publiseer.

90 En indien hy dit doen, sal Ek hom [a]seën met 'n menigvuldigheid van seëninge, sodat hy nie verlate sal wees nie, nóg sy saad [b]bedelend om brood gevind word.

91 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, laat my dienskneg William aangestel, geordineer, en gesalf word as 'n raadgewer vir my dienskneg Joseph, in die plek van my dienskneg Hyrum, sodat my dienskneg Hyrum die amp van Priesterskap en [a]Patriarg opneem, wat aan hom toegewys is deur sy vader, deur seëning en ook deur reg.

92 Dat hy van nou af die sleutels van die [a]patriargale seëninge op die hoofde van my hele volk sal hou.

93 Dat wie hy ook al seën, geseën sal word, en wie ook al hy [a]vervloek, vervloek sal wees; dat wat hy ook al op die aarde sal [b]bind, in die hemel gebonde sal wees; en wat hy ook al sal losmaak op die aarde, losgemaak sal wees in die hemel.

94 En vanaf hierdie tyd wys Ek hom aan dat hy 'n profeet, en 'n [a]siener, en 'n openbaarder vir my kerk sal wees, asook my dienskneg Joseph;

86*a* Openb. 14:13. GS Paradys; Rus.
87*a* Joh. 14:15.
*b* L&V 121:8; 122:7.
88*a* GS God, Godheid—God die Heilige Gees.
89*a* L&V 78:3.
*b* DI die Joseph Smith-vertaling van die Bybel.
90*a* GS Seën, Geseënd, Seëning.
*b* Ps. 37:25.
91*a* L&V 107:39–40. GS Patriarg, Patriargaal.
92*a* GS Patriargale Seëninge.
93*a* L&V 132:45–47.
*b* Matt. 16:19. GS Verseël, Verseëling.
94*a* L&V 107:91–92. GS Siener.

95 Sodat hy in harmonie met my dienskneg Joseph kan optree; en dat hy raad sal ontvang van my dienskneg Joseph, wat aan hom die [a]sleutels sal toon waardeur hy mag vra en ontvang, en gekroon word met dieselfde seëning, en heerlikheid, en eer, en priesterskap, en gawes van die priesterskap wat eens op hom geplaas is wat my dienskneg [b]Oliver Cowdery was.

96 Sodat my dienskneg Hyrum getuienis mag lewer van die dinge wat Ek aan hom sal toon, sodat sy naam in eerbare herinnering mag wees van geslag tot geslag, vir ewig en ewig.

97 Laat my dienskneg William Law ook die sleutels ontvang waardeur hy seëninge mag vra en ontvang; laat hom [a]nederig wees voor My, en sonder [b]bedrog wees, en hy sal van my Gees ontvang, naamlik die [c]Trooster, wat die waarheid van alle dinge aan hom sal openbaar, en sal aan hom op die bepaalde uur gee wat hy moet sê.

98 En hierdie [a]tekens sal hom volg—hy sal die siekes [b]genees, hy sal duiwels uitwerp, en sal verlos word van diegene wat dodelike gif aan hom wil toedien;

99 En hy sal in paaie gelei word waar die [a]giftige slang nie sy hakskeen kan gryp nie, en hy sal in die [b]verbeelding van sy gedagtes opstyg soos op die vleuels van 'n arend.

100 En wat daarvan indien Ek wil dat hy die dooies opwek, laat hom nie sy stem terughou nie.

101 Daarom, laat my dienskneg William hardop roep en nie terughou nie, met vreugde en blydskap, en met hosannas aan Hom wat op die troon sit vir ewig en ewig, sê die Here julle God.

102 Kyk, Ek sê vir julle, Ek het 'n sending gereed vir my dienskneg William, en my dienskneg Hyrum, en slegs vir hulle; en laat my dienskneg Joseph tuis vertoef, want hy word benodig. Die res sal Ek julle hierna toon. Dit is so. Amen.

103 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, indien my dienskneg [a]Sidney My sal dien en 'n raadgewer wil wees vir my dienskneg Joseph, laat hom opstaan en in die amp van sy roeping staan, en homself verootmoedig voor My.

104 En indien hy 'n aanvaarbare offerande aan my offer, en bekentenisse, en by my volk bly, kyk, Ek, die Here julle God, sal hom genees dat hy genees sal wees; en hy sal weer sy stem verhef op die berge, en 'n [a]segsman voor my aangesig wees.

105 Laat hom kom en sy familie vestig in die buurt waar my dienskneg Joseph woon.

95*a* L&V 6:28.
*b* GS Cowdery, Oliver.
97*a* GS Nederig, Nederigheid.
*b* GS Bedrog, Bedrieg, Bedrieër.
*c* GS Trooster.
98*a* Mark. 16:17–18. GS Gawes van die Gees.
*b* GS Genees, Genesings.
99*a* L&V 84:71–73.
*b* Ex. 19:4; Jes. 40:31.
103*a* GS Rigdon, Sidney.
104*a* Ex. 4:14–16; 2 Ne. 3:17–18; L&V 100:9–11.

106 En op al sy reise, laat hom sy stem verhef soos met die klank van ʼn trompet, en die inwoners van die aarde waarsku om die toorn wat kom, te ontvlug.

107 Laat hom my dienskneg Joseph bystaan, en laat ook my dienskneg William Law my dienskneg Joseph bystaan om ʼn ernstige [a]proklamasie te maak aan die konings van die aarde, net soos Ek voorheen vir julle gesê het.

108 Indien my dienskneg Sidney my wil wil doen, moenie dat hy sy familie verhuis na die [a]oostelike landstreke nie, maar laat hom hulle woonplek verander, net soos Ek gesê het.

109 Kyk, dit is nie my wil dat hy sal poog om veiligheid en toevlug te vind buite die stad wat Ek aan julle toegewys het nie, naamlik die stad [a]Nauvoo.

110 Voorwaar Ek sê vir julle, selfs nou, indien hy wil ag slaan op my stem, sal dit goed gaan met hom. Dit is so. Amen.

111 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, laat my dienskneg Amos Davies aandelekapitaal betaal in die hande van diegene wat Ek aangestel het om ʼn losieshuis te bou, naamlik die Nauvoo-huis.

112 Laat hom dít doen indien hy ʼn belang wil hê; en laat hom ag slaan op die raad van my dienskneg Joseph, en arbei met sy eie hande sodat hy die vertroue van mense kan wen.

113 En wanneer hy homself getrou sal bewys in alle dinge wat aan sy sorg toevertrou sal word, ja, naamlik ʼn paar dinge, sal hy [a]heerser oor vele gemaak word.

114 Laat hom homself daarom [a]verneder sodat hy verhef mag word. Dit is so. Amen.

115 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, indien my dienskneg Robert D. Foster my stem wil gehoorsaam, laat hom ʼn huis bou vir my dienskneg Joseph, volgens die kontrak wat hy met hom gesluit het, soos die deur van tyd tot tyd vir hom sal open.

116 En laat hom bekeer van al sy dwaashede, en homself beklee met [a]naasteliefde; en ophou om boosheid te doen, en al sy harde woorde opsy sit;

117 En ook aandelekapitaal in die hande van die kworum van Nauvoo-huis betaal, vir homself en vir sy geslag na hom, van geslag tot geslag;

118 En ag slaan op die raad van my diensknegte Joseph en Hyrum, en William Law, en aan die gesaghebbers wat Ek geroep het om die fondament van Sion te lê; en dit sal goed gaan met hom vir ewig en ewig. Dit is so. Amen.

119 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, laat niemand aandelekapitaal betaal aan die kworum van Nauvoo-huis nie, tensy hy ʼn gelowige is in die Boek van Mormon, en die openbarings wat Ek

107*a* L&V 124:2–4.
108*a* L&V 124:82–83.
109*a* GS Nauvoo, Illinois (VSA).
113*a* Matt. 25:14–30.
114*a* Matt. 23:12; L&V 101:42.
116*a* Kol. 3:14. GS Naasteliefde.

aan julle gegee het, sê die Here julle God.

120 Want dit wat [a]meer of minder is as hierdie kom van die bose, en sal gepaard gaan met vervloekinge en nie seëninge nie, sê die Here julle God. Dit is so. Amen.

121 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, laat die kworum van die Nauvoo-huis ′n regverdige vergoeding van loon ontvang vir al hulle arbeid wat hulle verrig in die bou van die Nauvoo-huis en laat hulle loon wees soos onderling ooreengekom, betreffende die bedrag daarvan.

122 En laat elkeen wat aandelekapitaal betaal, sy gedeelte van hulle loon dra, indien dit nodig is, vir hulle onderhoud, sê die Here; andersins sal hulle arbeid gereken word as aandelekapitaal in daardie huis. Dit is so. Amen.

123 Voorwaar Ek sê vir julle, Ek gee nou aan julle die [a]ampsdraers behorende tot my Priesterskap, dat julle die [b]sleutels daarvan mag hou, naamlik die Priesterskap wat volgens die orde van [c]Melgisédek is, wat na die orde van my Eniggebore Seun is.

124 Eerstens, gee Ek aan julle Hyrum Smith om ′n [a]patriarg te wees vir julle, om die [b]verseëlende seëninge van my kerk te hou, naamlik die Heilige Gees van die [c]belofte; waardeur julle [d]verseël word tot die dag van verlossing, sodat julle nie mag val nie, nieteenstaande die [e]uur van versoeking wat oor julle mag kom.

125 Ek gee aan julle my dienskneg Joseph om ′n presiderende ouderling oor my hele kerk te wees, om ′n vertaler, ′n openbaarder, ′n [a]siener, en profeet te wees.

126 Ek gee vir hom as raadgewers my dienskneg Sidney Rigdon en my dienskneg William Law, sodat hulle ′n kworum en Eerste Presidensie mag uitmaak, om die [a]openbarings namens die hele kerk te ontvang.

127 Ek gee aan julle my dienskneg [a]Brigham Young om ′n president oor die reisende raad van die Twaalf te wees;

128 Welke [a]Twaalf die sleutels hou om die gesag te open van my koninkryk in die vier hoeke van die aarde, en daarna om my woord aan elke skepsel te [b]stuur.

129 Hulle is Heber C. Kimball, Parley P. Pratt, Orson Pratt, Orson Hyde, William Smith, John Taylor, John E. Page, Wilford Woodruff, Willard Richards, George A. Smith;

130 [a]David Patten het Ek tot myself [b]geneem; kyk, sy priesterskap

---

120*a* Matt. 5:37; L&V 98:7.
123*a* GS Amp, Ampsdraer.
*b* GS Sleutels van die Priesterskap.
*c* GS Melgisédekse Priesterskap.
124*a* GS Patriarg, Patriargaal.
*b* GS Verseël, Verseëling.
*c* L&V 76:53; 88:3–4. GS Heilige Gees van Belofte.
*d* Efés. 4:30.
*e* Openb. 3:10.
125*a* L&V 21:1. GS Siener.
126*a* L&V 90:4–5.
127*a* GS Young, Brigham.
128*a* GS Apostel.
*b* Mark. 16:15.
130*a* GS Patten, David W.
*b* L&V 124:19.

neem niemand van hom nie; maar, voorwaar, Ek sê vir julle, ʼn ander mag aangestel word in dieselfde roeping.

131 En verder, Ek sê vir julle, Ek gee aan julle ʼn [a]hoëraad, vir die hoeksteen van Sion—

132 Naamlik, Samuel Bent, Henry G. Sherwood, George W. Harris, Charles C. Rich, Thomas Grover, Newel Knight, David Dort, Dunbar Wilson—Seymour Brunson het Ek vir myself geneem; sy priesterskap neem niemand nie; maar ʼn ander mag aangestel word tot dieselfde priesterskap in sy plek; en voorwaar Ek sê vir julle, laat my dienskneg Aaron Johnson tot hierdie roeping in sy plek geordineer word—David Fullmer, Alpheus Cutler, William Huntington.

133 En verder, Ek gee aan julle Don C. Smith om ʼn president te wees oor ʼn kworum van hoëpriesters;

134 Welke ordinansie ingestel is vir die doel om diegene te kwalifiseer wat aangestel sal word as staande presidente of diensknegte oor die verskillende [a]penne wat oraloor verstrooi is;

135 En hulle mag ook reis indien hulle verkies, maar moet eerder geordineer word as staande presidente; dit is die amp van hulle roeping, sê die Here julle God.

136 Ek gee aan hom Amasa Lyman en Noah Packard as raadgewers, sodat hulle mag presideer oor die kworum van hoëpriesters van my kerk, sê die Here.

137 En verder, Ek sê vir julle, Ek gee aan julle John A. Hicks, Samuel Williams, en Jesse Baker, welke priesterskap is om te presideer oor die kworum van [a]ouderlinge, welke kworum ingestel is as staande dienaars; nietemin, hulle mag reis, tog is hulle geordineer om staande dienaars vir my kerk te wees, sê die Here.

138 En verder, Ek gee aan julle Joseph Young, Josiah Butterfield, Daniel Miles, Henry Herriman, Zera Pulsipher, Levi Hancock, James Foster om oor die kworums van [a]sewentigs te presideer;

139 Welke kworum ingestel is vir reisende ouderlinge om getuienis te lewer van my Naam in die hele wêreld waarheen die reisende hoëraad, my apostels, hulle sal stuur om ʼn weg voor te berei voor my aangesig.

140 Die verskil tussen hierdie kworum en die kworum van ouderlinge is dat die een voortdurend moet reis, en die ander moet oor die kerke van tyd tot tyd presideer; die een het die verantwoordelikheid om van tyd tot tyd te presideer, en die ander het geen verantwoordelikheid om te presideer nie, sê die Here julle God.

141 En verder, Ek sê vir julle, Ek gee aan julle Vinson Knight, Samuel H. Smith, en Shadrach Roundy indien hy dit sal aanvaar,

---

131 *a* GS Hoëraad.
134 *a* GS Pen.
137 *a* L&V 107:11–12, 89–90. GS Kworum; Ouderling.
138 *a* GS Sewentig.

om te presideer oor die [a]bisdom;
'n kennis van genoemde bisdom
is aan julle in die boek van die
[b]Leer en Verbonde gegee.
142 En verder, Ek sê vir julle, Sa-
muel Rolfe en sy raadgewers as
priesters, en die president van die
leraars en sy raadgewers, en ook
die president van die diakens en
sy raadgewers, en ook die presi-
dent van die pen en sy raadge-
wers.
143 Die bogenoemde ampte het
Ek aan julle gegee, en die sleutels
daarvan, vir hulp en vir bestuur,
vir die werk van die bediening en
die [a]vervolmaking van my hei-
liges.
144 En 'n gebod gee Ek aan julle,
dat julle al hierdie ampte moet
vul en daardie name [a]goedkeur
wat Ek genoem het, of anders
hulle afkeur tydens my algemene
konferensie;
145 En dat julle kamers moet
voorberei vir al hierdie ampte in
my huis wanneer julle dit vir my
Naam bou, sê die Here julle God.
Dit is so. Amen.

# AFDELING 125

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet te Nauvoo, Illinois, Maart 1841, aangaande die Heiliges in die Iowa-grondgebied.*

*1–4, Die Heiliges moet stede bou en versamel na die penne van Sion.*

WAT is die wil van die Here aan-
gaande die heiliges in die Iowa-
grondgebied?
2 Voorwaar, so sê die Here, Ek
sê vir julle, indien diegene wat
hulleself na my Naam [a]noem en
poog om my heiliges te wees, in-
dien hulle my wil wil doen en
my gebooie onderhou aangaande
hulle, laat hulle hulself byeen ver-
samel op die plekke wat Ek vir
hulle sal aandui deur my diens-
kneg Joseph, en stede opbou vir
my Naam, sodat hulle voorbereid
mag wees vir dit wat voorlê in 'n
toekomstige tyd.
3 Laat hulle 'n stad opbou vir
my Naam op die land oorkant die
stad Nauvoo, en laat dit die naam
[a]Zarahemla genoem word.
4 En laat al diegene wat vanaf
die ooste, en die weste, en die
noorde, en die suide kom, wat be-
geertes het om daarin te woon,
hulle erfenisse daar opneem,
asook in die stad [a]Nashville, of
in die stad Nauvoo, en in al die
[b]penne wat Ek aangewys het, sê
die Here.

141 *a* L&V 68:14; 107:15.
*b* GS Leer en Verbonde.
143 *a* Efés. 4:11–14.
144 *a* L&V 26:2.
GS Algemene Instemming.
**125** 2 *a* GS Jesus Christus—Om die Naam van Jesus Christus op ons te neem.
3 *a* GS Zarahemla.
4 *a* DI Nashville, Lee-distrik, Iowa.
*b* GS Pen.

# AFDELING 126

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet in die huis van Brigham Young, te Nauvoo, Illinois, 9 Julie 1841. Op hierdie tydstip was Brigham Young President van die Kworum van die Twaalf Apostels.*

*1–3, Brigham Young word geprys vir sy arbeid en is onthef van toekomstige reise na verre plekke.*

DIERBARE en welbeminde broer, [a]Brigham Young, voorwaar so sê die Here aan jou: My dienskneg Brigham, dit word nie meer van jou hand vereis om jou familie te verlaat soos in vervloë tye nie, want jou offerande is aanvaarbaar vir My.
2 Ek het jou [a]arbeid en geswoeg op jou reise vir my Naam gesien.
3 Ek gebied jou daarom om my woord oraloor te stuur, en sorg in besonder vir jou [a]gesin vanaf hierdie tyd, van nou af en vir ewig. Amen.

# AFDELING 127

*'n Brief van Joseph Smith die Profeet aan die Heiliges van die Laaste Dae te Nauvoo, Illinois, bevattende aanwysings oor die doop vir die dode, gedateer te Nauvoo, 1 September 1842.*

*1–4, Joseph Smith roem in vervolging en beproewing; 5–12, Verslae moet gehou word ten opsigte van die dope vir die dode.*

IN soverre die Here aan my geopenbaar het dat my vyande, beide in Missouri en hierdie Staat, weer besig was om my te agtervolg; en in soverre hulle my agtervolg sonder [a]rede, en nie die minste skadu of kleursel van geregtigheid of reg aan hulle kant het in die beplanning van hulle vervolgings teen my nie; en in soverre hulle bewerings alles gegrond is op valsheid van die swartste skakering, het ek dit raadsaam en wysheid in my geag om die plek vir 'n kort tydperk te verlaat, vir my eie veiligheid en die veiligheid van hierdie volk. Ek wil aan almal sê met wie ek sake doen dat ek my aangeleenthede met agente en klerke gelaat het wat alle sake stiptelik en op 'n behoorlike wyse sal afhandel, en sal toesien dat al my skuld mettertyd afgelos word, deur die verkoop van besittings, of andersins, soos die geval mag vereis, of soos die omstandighede mag toelaat. Wanneer ek verneem dat die storm ten volle oorgewaai

**126** 1*a* GS Young, Brigham.
2*a* GS Werke.
3*a* GS Gesin.
**127** 1*a* Job 2:3; Matt. 5:10–12; 1 Petr. 2:20–23.

het, dan sal ek weer na julle te-
rugkeer.
2 En wat die [a]gevare betref wat
ek geroep word om deur te maak,
lyk hulle slegs na ′n klein dinge-
tjie vir my, aangesien die [b]afguns
en toorn van die mense my alle-
daagse lot was al die dae van my
lewe; en om welke rede blyk dit
geheimsinnig te wees, tensy ek
[c]geordineer is van voor die grond-
legging van die wêreld vir een of
ander goeie of slegte doel, soos
julle mag verkies om dit te noem.
Oordeel julle vir julself. God weet
al hierdie dinge, of hulle goed of
sleg is. Maar nietemin, ek is ge-
woond om in diep waters te swem.
Dit het alles tweede natuur vir my
geword; en ek voel, soos Paulus,
om te roem in [d]beproewing; want
tot op hierdie dag het die God van
my vaders my verlos van hulle al-
mal, en sal my verlos van nou af;
want kyk, en sien, ek sal triomfeer
oor al my vyande, want die Here
God het dit gespreek.
3 Laat al die heiliges hulle ver-
heug, daarom, en uitermate bly
wees; want Israel se [a]God is hulle
God, en Hy sal ′n regverdige ver-
gelding as loon op die hoofde van
al hul onderdrukkers uitmeet.
4 En verder, voorwaar so sê
die Here: Laat die werk aan my
[a]tempel, en al die werke wat Ek
aan julle toegewys het, voortduur
en nie ophou nie; en laat julle
[b]ywer, en julle volharding, en ge-
duld, en julle werke verdubbel
word, en julle sal geensins julle
loon verloor nie, sê die Here van
die Leërskare. En as hulle julle
[c]vervolg, so het hulle die profete
en regverdige manne wat voor
julle was vervolg. Vir dit alles is
daar ′n loon in die hemel.
5 En verder, Ek gee aan julle ′n
woord betreffende die [a]doop van
julle [b]dode.
6 Voorwaar, so sê die Here vir
julle aangaande julle dode: Wan-
neer enigeen van julle [a]gedoop
word vir julle dode, laat daar ′n
[b]verslaghouer wees, en laat hom
′n ooggetuie van julle dope wees;
laat hom hoor met sy ore, sodat
hy mag getuig van ′n waarheid,
sê die Here.
7 Sodat in al julle verslae dit
in die hemel [a]opgeteken mag
word; wat julle ook al [b]bind op
die aarde, in die hemel gebind
mag word; wat julle ook al op die
aarde losmaak, in die hemel los-
gemaak mag word.
8 Want Ek is op die punt om vele
dinge op die aarde te [a]herstel, be-
treffende die [b]priesterskap, sê die
Here van die Leërskare.

2*a* Ps. 23.
GS Vervolg, Vervolging.
*b* GS Afguns.
*c* GS Voorafverordinering.
*d* 2 Kor. 6:4–5.
GS Teenstand.
3*a* 3 Ne. 11:12–14.
4*a* L&V 124:55.
*b* GS Ywer.
*c* GS Vervolg, Vervolging.
5*a* GS Doop—Doop vir die dode.
*b* GS Heil vir die Dode.
6*a* 1 Kor. 15:29; L&V 128:13, 18.
*b* L&V 128:2–4, 7.
7*a* GS Boek van die Lewe.
*b* GS Verseël, Verseëling.
8*a* GS Herstelling van die Evangelie.
*b* GS Melgisédekse Priesterskap.

9 En verder, laat al die [a]verslae in orde wees, sodat hulle in die argiewe van my heilige tempel geplaas mag word, om in herinnering gehou te word van geslag tot geslag, sê die Here van die Leërskare.

10 Ek wil aan al die heiliges sê dat ek begeer het, met ʼn uitermate groot begeerte, om hulle van die kansel toe te spreek oor die onderwerp van die doop vir die dode, op die volgende Sabbat. Maar in soverre dit buite my mag is om dit te doen, sal ek van tyd tot tyd die woord van die Here skryf, oor daardie onderwerp, en dit per pos aan julle stuur, asook vele ander dinge.

11 Ek sluit nou my brief af vir die huidige, weens gebrek aan meer tyd; want die vyand is gereed, en soos die Saligmaker gesê het, die [a]prins van hierdie wêreld kom, maar hy het aan My niks nie.

12 Kyk, my gebed aan God is dat julle almal gered mag word. En ek onderteken myself as julle dienskneg in die Here, profeet en [a]siener van die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae.

Joseph Smith.

---

# AFDELING 128

*ʼn Brief van Joseph Smith die Profeet aan die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, wat verdere inligting oor die doop vir die dode bevat, gedateer te Nauvoo, Illinois, 6 September 1842.*

*1–5, Plaaslike en algemene verslaghouers moet verklaar ten opsigte van die feit van dope vir die dode; 6–9, Hulle verslae is bindend en word opgeteken op die aarde en in die hemel; 10–14, Die doopvont is ʼn gelykenis van die graf; 15–17, Elía het die mag ten opsigte van die doop vir die dode herstel; 18–21, Al die sleutels, magte, en gesag van vorige tydvakke is herstel; 22–25, Blye en wonderlike tydings word verkondig vir die lewendes en die dode.*

Soos ek voorheen gesê het in my brief voordat ek my plek verlaat het, dat ek aan julle sou skryf van tyd tot tyd en julle inligting gee ten opsigte van vele onderwerpe, hervat ek nou die onderwerp van die [a]doop vir die dode, aangesien daardie onderwerp telkens in my gedagtes opkom, en my gevoelens die sterkste aanraak, sedert ek deur my vyande agtervolg word.

2 Ek het ʼn paar woorde van

---

9*a* L&V 128:24.
11*a* Joh. 14:30; JSV Joh. 14:30 (Bylae). GS Duiwel.
12*a* L&V 124:125. GS Siener.
**128** 1*a* GS Doop—Doop vir die dode.

openbaring geskryf aan julle aangaande ′n verslaghouer. Ek het ′n paar bykomende gedagtes gehad oor hierdie saak, wat ek nou bevestig. Dit is, in my vorige brief is daar verklaar dat daar ′n [a]verslaghouer moet wees, wat ′n ooggetuie moet wees, en ook om te hoor met sy ore, sodat hy ′n verslag kan maak van die waarheid voor die Here.

3 Nou, met betrekking tot hierdie saak, dit sou baie moeilik wees vir een verslaghouer om ten alle tye teenwoordig te wees, en om al die sake af te handel. Om hierdie probleem te vermy, kan daar ′n verslaghouer in elke wyk van die stad aangestel word wat goed gekwalifiseerd is om akkurate notules te hou; en laat hom baie noukeurig en presies wees om al die verrigtinge te notuleer, en bevestig in sy verslag dat hy met sy oë gesien het, en gehoor het met sy ore, en die datum, en name, ensovoorts gee, en die geskiedenis van die hele transaksie, en ook drie individue noem wat teenwoordig is, indien daar eniges teenwoordig is wat ter eniger tyd opgeroep kan word om dit te bevestig, sodat in die mond van twee of drie [a]getuies elke woord gevestig mag word.

4 Dan, laat daar ′n algemene verslaghouer wees, aan wie hierdie ander verslae gegee kan word, vergesel van sertifikate met hul eie handtekeninge, wat bevestig dat die verslag wat hulle gemaak het waar is. Dan kan die algemene verslaghouer die verslag in die algemene kerkboek plaas, met die sertifikate en al die teenwoordige getuies, met sy eie verklaring dat hy waarlik glo dat die bogenoemde verklaring en verslae waar is, vanuit sy kennis van die algemene karakter en aanstelling van daardie mans deur die kerk. En wanneer dit gedoen is in die algemene kerkboek, sal die verslag net so heilig wees, en sal die ordinansie geldig maak, presies asof hy met sy oë gesien en met sy ore gehoor het, en ′n verslag gemaak het daarvan in die algemene kerkboek.

5 Julle mag dink dat hierdie orde van dinge baie presies is, maar laat ek vir julle vertel dat dit slegs is om die wil van God te beantwoord, deur die nakoming van die ordinansie en voorbereiding wat die Here geordineer en voorberei het voor die grondlegging van die wêreld, vir die [a]saligmaking van die dode wat sou sterf sonder ′n [b]kennis van die evangelie.

6 En verder wil Ek hê dat julle onthou dat Johannes die Openbaarder hierdie presiese onderwerp oordink het ten opsigte van die dode toe hy verklaar het, soos julle in Openbaring 20:12 sal vind—*En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan; en die boeke is geopen; en ′n ander boek is*

2*a* L&V 127:6.
3*a* GS Getuie.
5*a* GS Heil vir die Dode.
*b* 1 Petr. 4:6.

*geopen, wat die boek van die lewe is. En die dode is geoordeel ooreenkomstig daardie dinge wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.*

7 Julle sal in hierdie aanhaling opmerk dat die boeke geopen is; en ′n ander boek is geopen, wat die [a]boek van die lewe is; maar die dode is geoordeel volgens wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke; gevolglik moet die boeke waarvan gespreek is, die boeke wees wat die verslae van hulle werke bevat, en verwys na die [b]verslae wat op die aarde gehou word. En die boek wat die boek van die lewe was, is die verslag wat in die hemel bygehou word; die beginsel is presies in ooreenstemming met die leerstelling wat julle gebied is in die openbaring vervat in die brief wat ek aan julle geskryf het voor ek my plek verlaat het—sodat dit in al julle verslae in die hemel opgeteken mag word.

8 Nou, die aard van hierdie ordinansie is gegrond in die [a]mag van die priesterskap, deur die openbaring van Jesus Christus, waarin dit vergun word dat wat julle ook al [b]bind op die aarde, sal gebonde wees in die hemel, en wat julle ook al sal losmaak op die aarde, sal losgemaak wees in die hemel. Of, met ander woorde, as die vertaling anders beskou word, wat julle ook al opteken op die aarde, sal opgeteken word in die hemel, en wat julle nie op die aarde opteken nie, sal nie in die hemel opgeteken word nie; want uit die boeke sal julle dode geoordeel word, volgens hulle werke, hetsy hulle self die [c]ordinansies uitgevoer het in hul eie *propria persona,* of deur middel van hulle eie agente, ooreenkomstig die ordinansie wat God voorberei het vir hulle [d]heil vanaf voor die grondlegging van die wêreld, volgens die verslae wat hulle bygehou het aangaande hulle dode.

9 Dit mag vir sommiges voorkom as ′n baie gewaagde leerstelling waarvan ons praat—′n mag wat opteken of bind op die aarde en in die hemel bind. Nietemin, in alle eeue van die wêreld wanneer die Here ook al ′n [a]tydvak van die priesterskap gegee het aan enige man deur ware openbaring, of enige groep mans, is hierdie mag altyd gegee. Derhalwe, wat ook al daardie mans met [b]gesag gedoen het, in die Naam van die Here, en dit waarlik en getrou gedoen het, en ′n behoorlike en getroue verslag daarvan bygehou het, het dit ′n wet op aarde en in die hemel geword, en kon nie ongeldig verklaar word nie volgens die dekrete van die groot [c]Jehova. Dit is ′n betroubare woord. Wie kan dit hoor?

10 En verder, as presedent,

7*a* Openb. 20:12; L&V 127:6–7. GS Boek van die Lewe.
*b* L&V 21:1.
8*a* GS Krag; Priesterskap.
*b* GS Verseël, Verseëling.
*c* GS Ordinansies.
*d* GS Heil vir die Dode.
9*a* GS Tydvak.
*b* GS Gesag.
*c* GS Jehova.

Matthéüs 16:18, 19: *En Ek sê ook vir jou, Dat jy Petrus is, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie. En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemel gee: en wat jy ook op die aarde sal bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.*

11 Nou, die groot en vername geheim van die hele saak, en die *summum bonum* van die hele onderwerp wat voor ons lê, berus op die verkryging van die magte van die Heilige Priesterskap. Vir hom aan wie hierdie [a]sleutels gegee is, is dit nie moeilik om kennis te verkry van feite ten opsigte van die [b]heil van die kinders van mense nie, beide vir die dode asook vir die lewendes.

12 Hierin is [a]heerlikheid en [b]eer, en [c]onsterflikheid en die ewige lewe—Die ordinansie van doop deur water, om daarin [d]onderdompel te word om te voldoen aan die gelykenis met die dood, sodat een beginsel mag ooreenstem met die ander; om onder die water gedompel te word en uit te kom uit die water is ooreenkomstig die gelykenis van die opstanding van die dode wat uit hulle grafte voortkom; derhalwe is hierdie ordinansie ingestel om 'n verwantskap te vorm met die ordinansie van die doop vir die dode, synde na die gelykenis van die dode.

13 Gevolglik is die [a]doopvont ingestel as 'n [b]simbool van die graf, en is gebied om in 'n plek te wees onderkant waar die lewendes gewoonlik vergader, om die lewendes en die dode te onderskei, en sodat alle dinge hulle gelykenis mag hê, en dat hulle mag ooreenstem, die een met die ander—dat dit wat aards is ooreenstem met dit wat hemels is, soos Paulus verklaar het, 1 Korinthiërs 15:46, 47, en 48:

14 *Die geestelike is egter nie eerste nie, maar dit wat natuurlik is; en daarna dit wat geestelik is. Die eerste mens is uit die aarde, aards; die tweede mens is die Here vanuit die hemel. Soos die aardse is, so ook is hulle wat aards is; en soos die hemelse is, so is ook hulle wat hemels is.* En soos die verslae op die aarde is met betrekking tot julle dode, wat nougeset bygehou is, so ook is die verslae in die hemel. Dit, derhalwe, is die [a]verseëlings- en bindingsmag, en, in een sin van die woord, die [b]sleutels van die koninkryk, wat bestaan uit die sleutel van [c]kennis.

15 En nou, my geliefde broers en susters, laat ek julle verseker dat hierdie beginsels aangaande die dode en die lewendes is wat nie ligtelik beskou kan word nie, betreffende ons heil. Want hulle

11 *a* GS Sleutels van die Priesterskap.
*b* GS Heil.
12 *a* GS Heerlikheid.
*b* GS Eer.
*c* GS Onsterflik, Onsterflikheid.
*d* GS Doop—Doop deur onderdompeling.
13 *a* L&V 124:29.
*b* GS Simbolisme.
14 *a* GS Verseël, Verseëling.
*b* GS Sleutels van die Priesterskap.
*c* JSV Lk. 11:53 (Bylae).

[a]saligheid is noodsaaklik en onontbeerlik vir ons saligheid, soos Paulus sê aangaande die vaders—dat hulle nie sonder ons [b]volmaak kan word nie—nóg kan ons sonder ons dode volmaak gemaak word.

16 En nou, ten opsigte van die doop vir die dode, sal ek julle nog ′n aanhaling van Paulus gee, 1 Korinthiërs 15:29: *Anders, wat sal hulle doen wat hulle vir die dode laat doop, as die dode geheel en al nie opstaan nie? Waarom word hulle dan vir die dode gedoop?*

17 En verder, in verband met hierdie aanhaling, sal ek julle ′n aanhaling gee van een van die profete, wat sy oog gerig het op die [a]herstelling van die priesterskap, die heerlikhede wat in die laaste dae geopenbaar sal word, en op ′n besondere wyse hierdie wonderlikste van alle onderwerpe behorende tot die ewigdurende evangelie, naamlik die doop vir die dode; want Maleági sê, laaste hoofstuk, 5de en 6de verse: *Kyk, Ek stuur julle die profeet [b]Elía voor die koms van die groot en vreeslike dag van die Here: En hy sal die hart van die vaders keer tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie kom en die land met ′n vloek tref nie.*

18 Ek kon moontlik ′n [a]duideliker vertaling hiervan gegee het, maar dit is duidelik genoeg vir my doeleindes soos dit staan. Dit is genoeg om te weet, in hierdie geval, dat die aarde met ′n vloek getref sal word tensy daar ′n verbindende [b]skakel van een of ander aard tussen die vaders en die kinders is, op een of ander onderwerp—en kyk, wat is daardie onderwerp? Dit is die [c]doop vir die dode. Want ons sonder hulle kan nie volmaak gemaak word nie; nóg kan hulle sonder ons volmaak gemaak word. Nóg kan hulle nóg ons volmaak gemaak word sonder diegene wat ook gesterf het in die evangelie; want dit is noodsaaklik vir die inlui van die [d]tydvak van die volheid van tye, welke tydvak nou begin om ingelui te word, sodat ′n gehele en volmaakte vereniging, en saambinding van tydvakke, en sleutels, en magte, en heerlikhede moet plaasvind, en geopenbaar word vanaf die dae van Adam en wel tot die huidige tyd. En nie slegs dit nie, maar daardie dinge wat nooit geopenbaar is vanaf die [e]grondlegging van die wêreld nie, maar verberg was van die wyses en verstandiges, sal geopenbaar word aan [f]kindertjies en suigelinge in hierdie, die tydvak van die volheid van tye.

15*a* GS Heil vir die Dode.
*b* Hebr. 11:40.
GS Volmaak.
17*a* GS Herstelling van die Evangelie.
*b* 3 Ne. 25:5–6; L&V 2; 110:13–16.
GS Elía.
18*a* JS—G 1:36–39.
*b* GS Geslagsregister; Ordinansies—Plaasvervangende ordinansies.
*c* L&V 124:28–30; 127:6–7.
*d* GS Tydvak.
*e* L&V 35:18.
*f* Matt. 11:25; Lk. 10:21; Alma 32:23.

19 Nou, wat hoor ons in die
evangelie wat ons ontvang het?
’n Stem van blydskap! ’n Stem
van barmhartigheid vanuit die
hemel; en ’n stem van [a]waarheid
uit die aarde; blye tydings vir die
dode; ’n stem van blydskap vir
die lewendes en die dode; blye
[b]tydings van groot vreugde. Hoe
lieflik op die berge is die [c]voete
van hulle wat blye tydings bring
van goeie dinge, en vir Sion sê:
Kyk, jou God heers! Soos die [d]dou
van Karmel, so sal die kennis van
God op hulle neerdaal!
20 En verder, wat hoor ons? Blye
tydings van [a]Cumora! [b]Moroni,
’n engel uit die hemel, wat die
vervulling van die profete ver-
kondig—die [c]boek om geopen-
baar te word. ’n Stem van die
Here in die wildernis van [d]Fay-
ette, Seneca-distrik, wat die drie
getuies aankondig om [e]getuienis
te lewer van die boek! Die stem
van [f]Mígael op die walle van die
Susquehanna, wat die duiwel uit-
geken het toe hy verskyn het as
’n engel van die [g]lig! Die stemme
van [h]Petrus, Jakobus, en Johan-
nes in die wildernis tussen Har-
mony, Susquehanna-distrik, en
Colesville, Broome-distrik, op die
Susquehanna-rivier, wat verklaar
dat hulle die [i]sleutels van die ko-
ninkryk besit, en van die tydvak
van die volheid van tye!
21 En verder, die stem van die
God in die kamer van bejaarde
[a]Vader Whitmer, in Fayette, Se-
neca-distrik, en op verskeie tye
en verskillende plekke deur al die
reise en beproewings van hierdie
Kerk van Jesus Christus van die
Heiliges van die Laaste Dae! En
die stem van Mígael, die aarts-
engel; die stem van [b]Gabriël, en
van [c]Rafael, en van verskillende
[d]engele, vanaf Mígael of [e]Adam
tot in die huidige tyd, en almal
verklaar hulle [f]tydvak, hul regte,
hul sleutels, hul eerbewyse, hulle
majesteit en heerlikheid, en die
mag van hulle priesterskap; en
reël op reël gee, [g]beginsel op be-
ginsel, hier ’n bietjie, en daar ’n
bietjie; en aan ons vertroosting
gee deur dit te verkondig wat sal
kom, en ons [h]hoop bevestig!
22 Broers, sal ons nie voortgaan
vir so ’n groot saak nie? Gaan
voorwaarts en nie terugwaarts
nie. Moedhou, broers, en voren-
toe, vorentoe na die oorwinning!
Laat julle harte hulle verbly, en
wees uitermate bly. Laat die aarde

19 *a* Ps. 85:10–11.
*b* Lk. 2:10.
*c* Jes. 52:7–10; Mosia 15:13–18; 3 Ne. 20:40.
*d* Deut. 32:2; L&V 121:45.
20 *a* JS—G 1:51–52. GS Cumora-heuwel, Die.
*b* GS Moroni, Seun van Mormon.
*c* Jes. 29:4, 11–14; 2 Ne. 27:6–29. GS Boek van Mormon.
*d* GS Fayette, New York (VSA).
*e* L&V 17:1–3.
*f* L&V 27:11. GS Adam.
*g* 2 Kor. 11:14.
*h* L&V 27:12.
*i* GS Sleutels van die Priesterskap.
21 *a* DI Peter Whitmer Snr.
*b* GS Gabriël.
*c* GS Rafael.
*d* GS Engele.
*e* L&V 107:53–56.
*f* GS Tydvak.
*g* Jes. 28:10.
*h* GS Hoop.

uitbreek in [a]gesang. Laat die dode
gesange van ewige lofprysinge
aanhef vir die Koning [b]Immánuel,
wat voor die wêreld was, geordi-
neer het dít wat ons in staat sou
stel om hulle te [c]verlos uit hulle
[d]gevangenis; want die gevange-
nes sal vrygelaat word.
23 Laat die [a]berge juig van blyd-
skap, en al julle valleie hardop
uitroep; en al julle seë en droë
lande vertel van die wondere van
julle Ewige Koning! En julle ri-
viere, en spruite, en stroompies,
afwaarts vloei met blydskap. Laat
die bosse en al die bome van die
veld die Here prys; en julle soliede
[b]rotse ween van vreugde! En laat
die son, maan, en die [c]môresterre
saam sing, en laat al die seuns van
God uitroep van vreugde! En laat
die ewige skeppings sy Naam, vir
ewig en ewig verkondig! En ver-
der sê Ek, hoe wonderlik is die
stem wat ons hoor vanuit die he-
mel, wat in ons ore heerlikheid,
en heil, en eer, en [d]onsterflikheid
en die [e]ewige lewe; koninkryke,
prinsdomme, en magte verkon-
dig!
24 Kyk, die groot [a]dag van die
Here is op hande; en wie kan
die dag van sy koms [b]verdra, en
wie kan staan wanneer Hy ver-
skyn? Want Hy is soos 'n [c]smel-
ter se vuur en soos 'n bleiker se
seep; en hy sal sit as 'n [d]smelter
en 'n suiweraar van silwer, en hy
sal die seuns van [e]Levi reinig, en
hulle louter soos goud en silwer,
sodat hulle aan die Here 'n [f]offer-
ande in regverdigheid mag of-
fer. Laat ons daarom as 'n kerk
en 'n volk, en as Heiliges van die
Laaste Dae, die Here 'n offerande
in regverdigheid offer; en laat ons
in sy heilige tempel, wanneer dit
voltooi is, 'n boek bevattende die
[g]verslae van ons dode voorlê, wat
waardig van alle aanvaarding sal
wees.
25 Broers, ek het vele dinge
om aan julle te sê oor die onder-
werp, maar ek sal nou afsluit vir
die huidige, en voortgaan met die
onderwerp op 'n ander tydstip.
Ek is, soos altyd, julle nederige
dienskneg en nimmer-afwykende
vriend,

JOSEPH SMITH.

---

# AFDELING 129

*Inligting gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Nauvoo, Illinois,*

---

22 *a* Jes. 49:13.
*b* Jes. 7:14; Alma 5:50. GS Immánuel.
*c* GS Verlos, Verlossing.
*d* Jes. 24:22; L&V 76:72–74.
23 *a* Jes. 44:23.
*b* Lk. 19:40.
*c* Job 38:7.
*d* GS Onsterflik, Onsterflikheid.
*e* GS Ewige Lewe.
24 *a* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
*b* Mal. 3:1–3.
*c* 3 Ne. 24:2–3. GS Aarde—Reiniging van die aarde.
*d* Sag. 13:9.
*e* Deut. 10:8; L&V 13; 124:39.
*f* L&V 84:31. GS Offerande.
*g* L&V 127:9. GS Geslagsregister.

*9 Februarie 1843, wat drie groot sleutels bekendmaak waardeur die ware aard van dienende engele en geeste onderskei mag word.*

*1–3, Daar is beide herrese en geestelike liggame in die hemel; 4–9, Sleutels word gegee waardeur boodskappers van die anderkant van die sluier geïdentifiseer kan word.*

DAAR is twee soorte wesens in die [a]hemel, naamlik: [b]Engele, wat [c]herrese persone is, wat liggame van vlees en been het—

2 Byvoorbeeld, Jesus het gesê: *Voel aan My en kyk, want 'n gees het nie [a]vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie.*

3 Tweedens: die [a]geeste van [b]regverdige mense wat vervolmaak is, hulle is nie herrese nie, maar beërwe dieselfde heerlikheid.

4 Wanneer 'n boodskapper kom wat sê dat hy 'n boodskap van God het, gee hom jou hand en versoek hom om jou hand te skud.

5 Indien hy 'n engel is, sal hy so maak, en jy sal sy hand voel.

6 Indien hy die gees van 'n regverdige man is wat vervolmaak is, sal hy in sy heerlikheid kom; want dit is die enigste manier waarop hy kan verskyn—

7 Vra hom om jou hand te skud, maar hy sal nie beweeg nie, want dit is teenstrydig met die orde van die hemel vir 'n regverdige man om te bedrieg; maar hy sal steeds sy boodskap aflewer.

8 Indien dit die [a]duiwel is as 'n engel van die lig, wanneer jy hom vra om jou hand te skud, sal hy jou sy hand aanbied, en jy sal niks voel nie, jy mag hom dus uitken.

9 Hierdie is die drie groot sleutels waardeur jy mag weet of 'n bediening van God is.

# AFDELING 130

*Onderrig gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Ramus, Illinois, 2 April 1843.*

*1–3, Die Vader en die Seun mag persoonlik aan mense verskyn; 4–7, Engele woon in 'n selestiale sfeer; 8–9, Die selestiale aarde sal 'n groot Urim en Tummim wees; 10–11, 'n Wit steen word aan almal gegee wat die selestiale wêreld binnegaan; 12–17, Die tyd van die Tweede Koms word van die Profeet weerhou; 18–19, Intelligensie verwerf in hierdie lewe, verrys met ons in die Opstanding; 20–21, Alle seëninge kom deur gehoorsaamheid aan die wet; 22–23, Die Vader en die Seun het liggame van vlees en been.*

**129** 1*a* GS Hemel.
*b* GS Engele.
*c* GS Opstanding.
2*a* Lk. 24:39.
3*a* GS Gees.
*b* Hebr. 12:23; L&V 76:69.
8*a* 2 Kor. 11:14; 2 Ne. 9:9.

WANNEER die Saligmaker sal [a]verskyn, sal ons Hom sien soos Hy is. Ons sal sien dat Hy 'n [b]man is soos onsself.

2 En daardie selfde gemeenskaplikheid wat hier onder ons bestaan, sal daar onder ons bestaan, behalwe dat dit gekoppel sal wees aan [a]ewige heerlikheid, welke heerlikheid ons nie nou geniet nie.

3 Johannes 14:23—Die verskyning van die [a]Vader en die [b]Seun, in daardie vers, is 'n persoonlike [c]verskyning; en die idee dat die Vader en die Seun in 'n mens se hart [d]inwoon is 'n ou sektariese opvatting, en is vals.

4 In antwoord op die vraag—Is die berekening van God se [a]tyd, engele se tyd, die profete se tyd, en die mens se tyd nie volgens die planeet waarop hulle woon nie?

5 Ek antwoord, Ja. Maar daar is geen [a]engele wat hierdie aarde bedien nie, behalwe diegene wat daaraan behoort of behoort het.

6 Die engele woon nie op 'n planeet soos hierdie aarde nie;

7 Maar hulle woon in die teenwoordigheid van God, op 'n aardbol soos 'n [a]see van glas en [b]vuur, waar alle dinge vir hulle heerlikheid geopenbaar word, die verlede, huidige, en toekoms, en is voortdurend voor die Here.

8 Die plek waar God woon is 'n groot [a]Urim en Tummim.

9 Hierdie [a]aarde, in haar geheiligde en onsterflike toestand, sal soos kristal gemaak word en sal 'n Urim en Tummim wees vir die inwoners wat daarop woon, waardeur alle dinge betreffende 'n minderwaardige koninkryk, of alle koninkryke van 'n laer orde, geopenbaar sal word aan diegene wat daarop woon; en hierdie aarde sal Christus s'n wees.

10 Dan sal die wit steen waarna verwys word in Openbaring 2:17, 'n Urim en Tummim word vir elke individu wat een ontvang, waardeur alle dinge betreffende 'n hoër orde van koninkryke bekendgemaak sal word;

11 En 'n [a]wit steen word gegee aan elkeen van diegene wat die selestiale koninkryk binnekom, waarop 'n nuwe naam geskryf is, wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang. Die nuwe [b]naam is die sleutelwoord.

12 Ek profeteer, in die Naam van die Here God, dat die aanvang van die [a]probleme wat veel bloedvergieting sal veroorsaak voor die

---

**130** 1*a* 1 Joh. 3:2; Moro. 7:48. GS Tweede Koms van Jesus Christus.
*b* Lk. 24:36–40.
2*a* GS Selestiale Heerlikheid.
3*a* GS God, Godheid—God die Vader.
*b* GS God, Godheid—God die Seun.
*c* L&V 93:1.
*d* L&V 130:22. GS God, Godheid.
4*a* 2 Petr. 3:8; Abr. 3:4–10; sien ook Abr., faksimilee 2, figuur 1.
5*a* GS Engele.
7*a* Openb. 4:6; 15:2.
*b* Jes. 33:14.
8*a* GS Urim en Tummim.
9*a* L&V 77:1. GS Aarde—Finale toestand van die aarde.
11*a* Openb. 2:17.
*b* Jes. 62:2.
12*a* L&V 38:29; 45:63.

koms van die Seun van die Mens,
in [b]South Carolina sal wees.
13 Dit mag moontlik ontstaan
as gevolg van die slawekwessie.
Dit het ′n stem aan my bekend-
gemaak terwyl Ek ernstig oor die
saak gebid het, 25 Desember 1832.
14 Ek was eenkeer besig om baie
ernstig te bid om die tyd van die
[a]koms van die Seun van die mens
te wete te kom, toe Ek ′n stem
hoor wat die volgende herhaal:
15 Joseph, my seun, indien jy
leef tot jy vyf en tagtig jaar oud
is, sal jy die aangesig sien van die
Seun van die Mens; daarom, laat
dit genoeg wees, en hinder My
nie meer oor hierdie saak nie.
16 Ek is so gelaat, sonder om te
kan besluit of hierdie koms ver-
wys het na die begin van die mil-
lennium of na een of ander vorige
verskyning, of dat ek sou sterf en
sodoende sy aangesig sien.
17 Ek glo dat die koms van die
Seun van die Mens nie gouer as
daardie tyd sal wees nie.
18 Watter vlak van [a]intelligensie
ons ook al in hierdie lewe bereik,
sal met ons verrys in die [b]opstan-
ding.
19 En indien ′n persoon meer
[a]kennis en intelligensie verwerf
in hierdie lewe deur sy [b]ywer en
[c]gehoorsaamheid as ′n ander, sal
hy soveel meer [d]voordeel hê in
die komende wêreld.
20 Daar is ′n [a]wet, onherroeplik
uitgevaardig in die hemel [b]voor
die grondlegging van die wêreld,
waarop alle [c]seëninge gegrond
is—
21 En wanneer ons enige seëning
van God ontvang, is dit deur ge-
hoorsaamheid aan daardie wet
waarop dit gegrond is.
22 Die [a]Vader het ′n [b]liggaam
van vlees en been so tasbaar soos
die mens s′n; die Seun ook; maar
die [c]Heilige Gees het nie ′n lig-
gaam van vlees en been nie, maar
is ′n persoon van Gees. Indien dit
nie so was nie, sou die Heilige
Gees nie in ons kon woon nie.
23 ′n Mens mag die [a]Heilige
Gees ontvang, en dit mag op hom
neerdaal en nie met hom vertoef
nie.

## AFDELING 131

*Onderrig deur Joseph Smith die Profeet, gegee te Ramus, Illinois, 16 en 17 Mei 1843.*

12 *b* L&V 87:1–5.
14 *a* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
18 *a* GS Intelligensie, Intelligensies.
*b* GS Opstanding.
19 *a* GS Kennis.
*b* GS Ywer.
*c* GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
*d* Alma 12:9–11.
20 *a* L&V 82:10.
*b* GS Vooraardse Lewe.
*c* Deut. 11:26–28; L&V 132:5. GS Seën, Geseënd, Seëning.
22 *a* GS God, Godheid.
*b* Hand. 17:29.
*c* GS Heilige Gees.
23 *a* GS Gawe van die Heilige Gees.

*1–4, Die selestiale huwelik is noodsaaklik vir verheffing in die hoogste hemel; 5–6, Hoe die mens tot die ewige lewe verseël word, word verduidelik; 7–8, Alle gees is materie.*

In die [a]selestiale heerlikheid is daar drie hemele of grade;

2 En om die [a]hoogste te bereik, moet ʼn mens tot hierdie orde van die priesterskap toetree [bedoelende die [b]nuwe en ewigdurende verbond van die huwelik];

3 Indien hy dit nie doen nie, kan hy dit nie bereik nie.

4 Hy mag die ander binnegaan, maar dit is die einde van sy koninkryk; hy kan nie ʼn [a]vermeerdering hê nie.

5 (17 Mei 1834.) Die meer vaste woord van [a]profesie beteken dat ʼn mens weet dat hy [b]verseël is tot die [c]ewige lewe, deur openbaring en die gees van profesie, deur die mag van die Heilige Priesterskap.

6 Dit is onmoontlik vir ʼn mens om in [a]onkunde [b]gered te word.

7 Daar is nie iets soos onstoflike materie nie. Alle [a]gees is materie, maar dit is fyner of suiwerder, en kan slegs onderskei word deur [b]reiner oë.

8 Ons kan dit nie sien nie; maar wanneer ons liggame gereinig word, sal ons sien dat dit alles materie is.

## AFDELING 132

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Nauvoo, Illinois, opgeteken 12 Julie 1843, betreffende die nuwe en ewigdurende verbond, insluitende die ewigheid van die huweliksverbond en die beginsel van die veelvoudige huwelik. Alhoewel die openbaring in 1843 opgeteken is, dui bewyse aan dat sommige van die beginsels betrokke in hierdie openbaring aan die Profeet bekend was so vroeg as 1831. Sien Amptelike Verklaring 1.*

*1–6, Verheffing word verkry deur die nuwe en ewigdurende verbond; 7–14, Die terme en voorwaardes van daardie verbond word uiteengesit; 15–20, Die selestiale huwelik en die voortsetting van die familie-eenheid stel die mens in staat om gode te word; 21–25, Die eng en smal weg lei na ewige lewens; 26–27, Die wet ten opsigte van lastering teen die*

**131** 1*a* L&V 76:70. GS Selestiale Heerlikheid.
2*a* L&V 132:5–21. GS Verheffing.
*b* GS Huwelik, Trou—Nuwe en ewige verbond van die huwelik.
4*a* L&V 132:16–17.
5*a* 2 Petr. 1:19. GS Roeping en Verkiesing.
*b* L&V 68:12; 88:4. GS Verseël, Verseëling.
*c* GS Ewige Lewe.
6*a* L&V 107:99–100.
*b* GS Heil.
7*a* GS Gees.
*b* L&V 76:12; 97:16; Moses 1:11.

*Heilige Gees word gegee; 28–39, Beloftes van ewige nakomelingskap en verheffing word gemaak aan profete en Heiliges in alle tye; 40–47, Joseph Smith word die mag gegee om te bind en te seël op die aarde en in die hemel; 48–50, Die Here verseël sy verheffing op hom; 51–57, Emma Smith word aangeraai om getrou en opreg te wees; 58–66, Wette wat die veelvoudige huwelik beheer, word uiteengesit.*

Voorwaar so sê die Here vir jou
my dienskneg Joseph, dat in so-
verre jy navraag gedoen het van
my hand om te weet en te ver-
staan waarin Ek, die Here, my
diensknegte Abraham, Isak, en
Jakob, asook Moses, Dawid en
Salomo geregverdig het, my
diensknegte, rakende die begin-
sel en leerstelling dat hulle vele
[a]vroue en byvroue gehad het—
2 Kyk, en sien, Ek is die Here jou
God, en sal jou antwoord rakende
hierdie saak.
3 Daarom, [a]berei jou hart voor
om die instruksies wat Ek binne-
kort aan jou gaan gee, te ontvang
en gehoorsaam; want al diegene
aan wie hierdie wet geopenbaar
word, moet dit gehoorsaam.
4 Want kyk, Ek openbaar aan
julle 'n nuwe en ewigdurende
[a]verbond; en indien julle nie
daardie verbond nakom nie, dan
is julle [b]verdoem; want niemand
kan hierdie verbond [c]verwerp en
toegelaat word om my heerlik-
heid binne te gaan nie.
5 Want almal wat 'n [a]seëning
vanuit my hande wil hê sal die
[b]wet gehoorsaam wat bepaal is
vir daardie seëning, en die voor-
waardes daarvan, soos ingestel
vanaf voor die grondlegging van
die wêreld.
6 En betreffende die [a]nuwe en
ewigdurende verbond, dit is in-
gestel vir die volheid van my
[b]heerlikheid; en hy wat 'n vol-
heid daarvan ontvang, móét en
sal die wet gehoorsaam, of hy sal
verdoem word, sê die Here God.
7 En voorwaar Ek sê vir julle,
dat die [a]voorwaardes van hier-
die wet die volgende is: Alle ver-
bonde, kontrakte, verbintenisse,
verpligtinge, [b]ede, geloftes, ver-
rigtinge, betrekkinge, verbon-
denhede, of verwagtinge wat nie
gemaak en gesluit en [c]verseël is
deur die [d]Heilige Gees van die be-
lofte nie, deur hom wat gesalf is,
beide vir tyd en vir alle ewigheid,
en dit is ook hoogheilig, deur
[e]openbaring en gebod deur mid-
del van my gesalfde, wat Ek aan-
gestel het op die aarde om hierdie
mag te hou (en Ek het my diens-
kneg Joseph aangestel om hierdie

**132** 1*a* L&V 132:34, 37–39. GS Huwelik, Trou—Meervoudige huwelik.
3*a* L&V 29:8; 58:6; 78:7.
4*a* GS Verbond.
*b* GS Verdoemenis.
*c* L&V 131:1–4.
5*a* L&V 130:20–21.
*b* GS Wet.
6*a* L&V 66:2. GS Nuwe en Ewigdurende Verbond.
*b* L&V 76:70, 92–96. GS Selestiale Heerlikheid.
7*a* L&V 88:38–39.
*b* GS Eed.
*c* GS Verseël, Verseëling.
*d* GS Heilige Gees van Belofte.
*e* GS Openbaring.

mag te hou in die laaste dae, en daar is nooit behalwe een op die aarde op 'n keer op wie hierdie mag en die [f]sleutels van die priesterskap toegeken word nie), het geen geldigheid, waarde, of is van krag in en na die opstanding van die dode nie; want alle kontrakte wat nie gesluit word vir hierdie doel nie, het 'n einde wanneer die mens dood is.

8 Kyk, my huis is 'n huis van orde, sê die Here God, en nie 'n huis van verwarring nie.

9 Sal Ek 'n [a]offerande aanvaar, sê die Here, wat nie in my Naam gemaak word nie?

10 Of sal Ek vanuit julle hande dít ontvang wat Ek nie [a]gebied het nie?

11 En sal Ek vir julle gebied, sê die Here, behalwe as dit ooreenkomstig die wet is, net soos Ek en my Vader julle [a]geordineer het voor die wêreld was?

12 Ek is die Here julle God; en Ek gee aan julle hierdie gebod—dat niemand na die Vader sal [a]kom behalwe deur My of deur my woord nie, wat my wet is, sê die Here.

13 En alles wat in die wêreld is, hetsy dit deur die mens geordineer is, deur trone, of prinsdomme, of magte, of welbekende dinge, wat hulle ook al mag wees, wat nie deur My of deur my woord is nie, sê die Here, sal neergewerp word, en sal [a]nie voortduur na die mens dood is nie, nóg in nóg ná die opstanding, sê die Here julle God.

14 Want wat ook al voortduur is deur My; en welke dinge wat nie deur My is nie, sal geskud en vernietig word.

15 Daarom, indien 'n man met 'n vrou [a]trou in die wêreld, en hy trou nie met haar deur My nóg deur my woord, en hy 'n verbond sluit met haar solank as hy in die wêreld is en sy met hom, is hulle verbond en huwelik nie van krag wanneer hulle dood is nie, en wanneer hulle uit die wêreld is nie; daarom, hulle is nie gebind deur enige wet wanneer hulle uit die wêreld is nie.

16 Daarom, wanneer hulle uit hierdie wêreld is, trou hulle nie en word hulle nie in die [a]huwelik uitgegee nie; maar word as [b]engele in die hemel aangestel, welke engele dienende diensknegte is, om diegene te dien wat waardig is van 'n veel meer, en 'n uitermate, en ewige gewig van heerlikheid.

17 Want hierdie engele het nie my wet gehoorsaam nie; daarom, kan hulle nie vermeerder word nie, maar bly afsonderlik en enkel, sonder verheffing, in hulle geredde toestand, vir alle ewigheid; en is voortaan nie gode nie, maar is engele van God vir ewig en ewig.

7*f* GS Sleutels van die Priesterskap.
9*a* Moro. 7:5–6. GS Opoffer.
10*a* Lev. 22:20–25; Moses 5:19–23.
11*a* L&V 132:5.
12*a* Joh. 14:6.
13*a* 3 Ne. 27:10–11.
15*a* GS Huwelik, Trou.
16*a* Matt. 22:23–33; Mark. 12:18–25; Lk. 20:27–36.
*b* GS Engele.

18 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, indien ′n man met ′n vrou trou, en ′n verbond met haar sluit vir tyd en vir alle ewigheid, indien daardie verbond nie deur My of deur my woord is nie, wat my wet is, en nie verseël is deur die Heilige Gees van die belofte nie, deur hom wat Ek gesalf en aangestel het tot hierdie mag, dan is dit nie geldig of van krag wanneer hulle uit die wêreld is nie, omdat hulle nie deur my saamgevoeg is nie, sê die Here, nóg deur my woord; wanneer hulle uit die wêreld is kan dit nie daar ontvang word nie, omdat die engele en die gode daar aangestel is, by wie hulle nie kan verbygaan nie; hulle kan, derhalwe, nie my heerlikheid beërwe nie; want my huis is ′n huis van orde, sê die Here God.

19 En verder, voorwaar Ek sê vir julle, indien ′n man met ′n vrou trou deur my woord, wat my wet is, en deur die [a]nuwe en ewigdurende verbond, en dit word op hulle [b]verseël deur die Heilige Gees van die [c]belofte, deur hom wat gesalf is, aan wie Ek hierdie mag gegee het en die [d]sleutels van hierdie priesterskap; en dit sal aan hulle gesê word—Julle sal voortkom in die eerste opstanding; en indien dit na die eerste opstanding is, in die volgende opstanding; en sal [e]trone, koninkryke, prinsdomme, en magte, heerskappye, alle hoogtes en dieptes beërwe—dan sal dit geskryf word in die Lam se [f]Boek van die Lewe, dat hy geen moord sal pleeg waardeur onskuldige bloed vergiet word nie, en indien julle my verbond gehoorsaam en geen moord pleeg waardeur onskuldige bloed vergiet word nie, sal dit aan hulle gedoen word in alle dinge wat my dienskneg ook al op hulle geplaas het, vir tyd, en deur alle ewigheid; en sal ten volle van krag wees wanneer hulle uit die wêreld is; en hulle sal by die engele verbygaan, en die gode, wat daar gestel is, tot hulle [g]verheffing en heerlikheid in alle dinge, soos verseël is op hulle hoofde, welke heerlikheid ′n volheid en ′n voortsetting van die saad vir ewig en ewig sal wees.

20 Dan sal hulle gode wees, omdat hulle geen einde het nie; daarom sal hulle van ewigdurendheid tot ewigdurendheid wees, omdat hulle voortgaan; dan sal hulle bo alles wees, want alle dinge is aan hulle onderworpe. Dan sal hulle [a]gode wees, omdat hulle [b]alle mag het, en die engele is aan hulle onderworpe.

19 *a* GS Huwelik, Trou—Nuwe en ewige verbond van die huwelik.
*b* GS Verseël, Verseëling.
*c* L&V 76:52–53; 88:3–4.
*d* GS Sleutels van die Priesterskap.
*e* Ex. 19:5–6; Openb. 5:10; 20:6; L&V 76:56; 78:15, 18.
*f* GS Boek van die Lewe.
*g* GS Verheffing.
20 *a* Matt. 25:21; L&V 29:12–13; 132:37. GS Mens die, Mense—Die mens, potensiaal om soos Hemelse Vader te word.
*b* L&V 50:26–29; 76:94–95; 84:35–39.

21 Voorwaar, voorwaar, Ek sê
vir julle, tensy julle my [a]wet ge-
hoorsaam, kan julle nie hierdie
heerlikheid bereik nie.
22 Want [a]eng is die poort, en
smal die [b]weg wat lei na die ver-
heffing en voortsetting van die
[c]lewens, en daar is min wat dit
vind, omdat julle My nie in die
wêreld aanvaar nie, nóg ken julle
My.
23 Maar indien julle My in die
wêreld aanvaar, dan sal julle My
ken, en sal julle verheffing ont-
vang; sodat [a]waar Ek is, julle ook
sal wees.
24 Dit is [a]ewige lewens—om die
enigste wyse en ware God te ken,
en Jesus Christus, wat Hy [b]ge-
stuur het. Ek is Hy. Aanvaar julle
daarom my wet.
25 [a]Breed is die poort, en wyd is
die weg wat na die [b]sterftes lei; en
daar is vele wat daar ingaan, om-
dat hulle My nie [c]aanvaar nie, nóg
gehoorsaam hulle my wet.
26 Voorwaar, voorwaar, Ek sê
vir julle, indien ʼn man met ʼn
vrou trou volgens my woord, en
hulle word verseël deur die [a]Hei-
lige Gees van die belofte, vol-
gens my aanstelling, en hy of sy
enige sonde of oortreding teen die
nuwe en ewigdurende verbond
hoegenaamd pleeg, en allerlei
soorte godslastering, en indien
hulle nie moord [b]pleeg waarin
hulle onskuldige bloed vergiet
nie, tog sal hulle voortkom in die
eerste opstanding, en hulle ver-
heffing binnegaan; maar hulle
sal in die vlees vernietig word,
en sal [c]oorgelewer word aan die
teisterings van [d]Satan tot die dag
van verlossing, sê die Here God.
27 Die [a]lastering teen die Heilige
Gees, wat [b]nie in die wêreld ver-
gewe sal word nie, nóg uit die wê-
reld, is deur die pleeg van moord
waarin julle onskuldige bloed
vergiet, en toestem tot my dood,
nadat julle die nuwe en ewigdu-
rende verbond aanvaar het, sê die
Here God; en hy wat nie hierdie
wet gehoorsaam nie, kan hoege-
naamd nie my heerlikheid bin-
negaan nie, maar sal [c]verdoem
word, sê die Here.
28 Ek is die Here jou God en Ek
gee aan jou die wet van my Hei-
lige Priesterskap, soos geordineer
deur My en my Vader voor die
wêreld was.
29 [a]Abraham het alle dinge ont-
vang, wat hy ook al ontvang het,
deur openbaring en gebod, deur

21*a* GS Wet.
22*a* Lk. 13:24; 2 Ne. 33:9; Hel. 3:29–30.
*b* Matt. 7:13–14, 23; 2 Ne. 9:41; 31:17–21.
*c* L&V 132:30–31.
23*a* Joh. 14:2–3.
24*a* Joh. 17:3. GS Ewige Lewe.
*b* Joh. 3:16–17; L&V 49:5.
25*a* Matt. 7:13–14; 3 Ne. 14:13–15.
*b* GS Dood, Geestelike.
*c* Joh. 5:43.
26*a* GS Heilige Gees van Belofte.
*b* Alma 39:5–6.
*c* L&V 82:21; 104:9–10.
*d* GS Duiwel.
27*a* GS Laster, Godslastering; Onvergeeflike Sonde.
*b* Matt. 12:31–32; Hebr. 6:4–6; L&V 76:31–35. GS Seuns van die Verderf.
*c* GS Verdoemenis.
29*a* GS Abraham.

my woord, sê die Here, en het sy verheffing binnegegaan en sit op sy troon.

30 Abraham het [a]beloftes ontvang aangaande sy saad, en van die vrugte van sy lendene—van wie se [b]lendene jy is, naamlik my dienskneg Joseph—wat sou voortduur solank as hulle in die wêreld was; en rakende Abraham en sy saad, en hulle moes voortduur uit die wêreld; beide in die wêreld en uit die wêreld moes hulle voortduur, ontelbaar soos die [c]sterre; of indien julle die sand op die strand wou tel, kan julle dit nie tel nie.

31 Hierdie belofte behoort ook aan julle, omdat julle van [a]Abraham is, en die belofte is gemaak aan Abraham, en deur hierdie wet is die voortsetting van die werke van my Vader, waarin Hy Homself verheerlik.

32 Gaan julle, daarom, en doen die [a]werke van Abraham; tree toe tot my wet en julle sal gered word.

33 Maar indien julle nie tot my wet toetree nie, kan julle nie die belofte van my Vader ontvang wat Hy aan Abraham gemaak het nie.

34 God het Abraham [a]gebied, en [b]Sara het [c]Hagar vir Abraham as vrou gegee. En waarom het sy dit gedoen? Omdat dit die wet was; en uit Hagar het vele mense voortgekom. Dit, was daarom, onder andere, die vervulling van die beloftes.

35 Was Abraham, derhalwe, onder veroordeling? Voorwaar Ek sê vir julle, Nee, want Ek, die Here, het dit [a]gebied.

36 Abraham is [a]gebied om sy seun [b]Isak te offer; nietemin dit was geskrywe: Jy sal nie [c]doodslaan nie. Abraham het egter nie geweier nie, en dit is vir hom as [d]regverdigheid gereken.

37 Abraham het [a]byvroue ontvang, en hulle het hom kinders gebaar; en dit is hom toegereken as regverdigheid, omdat hulle aan hom gegee was, en hy het my wet gehoorsaam; soos ook Isak en [b]Jakob geen ander dinge gedoen het as wat hulle gebied was nie; en omdat hulle geen ander dinge gedoen het as wat hulle beveel was nie, hulle het hul [c]verheffing binnegegaan, volgens die beloftes, en sit op trone, en is nie engele nie, maar is gode.

38 [a]Dawid het ook [b]baie vroue

30 *a* Gén. 12:1–3; 13:16. GS Abraham, Verbond van; Abraham—Die nageslag van Abraham.
*b* 2 Ne. 3:6–16.
*c* Gén. 15:5; 22:17.
31 *a* L&V 86:8–11; 110:12.
32 *a* Joh. 8:39; Alma 5:22–24.
34 *a* Gén. 16:1–3.
*b* GS Sara.
*c* Gén. 25:12–18. GS Hagar.
35 *a* Jakob 2:24–30.
36 *a* Gén. 22:2–12.
*b* GS Isak.
*c* Ex. 20:13.
*d* Jakob 4:5. GS Regverdigheid, Regverdig.
37 *a* DI ander vroue. Gén. 25:5–6.
*b* Gén. 30:1–4; L&V 133:55. GS Jakob, Seun van Isak.
*c* GS Mens die, Mense—Die mens, potensiaal om soos Hemelse Vader te word; Verheffing.
38 *a* GS Dawid.
*b* 1 Sam. 25:42–43; 2 Sam. 5:13; 1 Kon. 11:1–3.

en byvroue ontvang en ook Salomo en Moses my diensknegte, asook vele andere van my diensknegte, vanaf die begin van die skepping tot hierdie tyd; en in niks het hulle gesondig nie, behalwe daardie dinge wat hulle nie van My ontvang het nie.
39 Dawid se vroue en byvroue is aan hom [a]gegee deur My, deur die hand van Natan, my dienskneg, en andere van die profete wat die [b]sleutels gehad het van hierdie mag; en in geen van hierdie dinge het hy teen my gesondig nie, behalwe in die geval van [c]Uria en sy vrou; en, daarom het hy geval van sy verheffing, en het sy gedeelte ontvang; en hy sal hulle nie uit die wêreld beërwe nie, want Ek het hulle aan ′n ander [d]gegee, sê die Here.
40 Ek is die Here jou God, en Ek het aan jou gegee, my dienskneg Joseph, ′n amp, en [a]herstel alle dinge. Vra wat jy wil, en dit sal aan jou gegee word volgens my woord.
41 En aangesien jy gevra het aangaande egbreuk, voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, indien ′n man ′n vrou ontvang in die nuwe en ewigdurende verbond, en indien sy met ′n ander man is, en Ek het nie die ander man aan haar toegewys deur die heilige salwing nie, het sy egbreuk gepleeg en sal vernietig word.
42 En indien sy nie in die nuwe en ewigdurende verbond is nie, en sy is met ′n ander man, het sy egbreuk [a]gepleeg.
43 En indien haar man met ′n ander vrou is, en hy was onder ′n [a]gelofte, het hy sy gelofte verbreek en het egbreuk gepleeg.
44 En indien sy nie egbreuk gepleeg het nie, maar onskuldig is en nie haar gelofte verbreek het nie, en sy weet dit, en Ek openbaar dit aan jou, my dienskneg Joseph, dan sal jy mag hê, deur die mag van my Heilige Priesterskap, om haar te neem en aan hom te gee wat nie egbreuk gepleeg het nie maar [a]getrou was; want hy sal heerser oor vele gemaak word.
45 Want Ek het aan jou die [a]sleutels en mag van die priesterskap toegeken, waarin Ek alle dinge [b]herstel, en alle dinge aan jou bekendmaak op die bepaalde tyd.
46 En voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou dat wie jy ook al op die aarde [a]verseël, sal in die hemel verseël wees; en wat jy ook al op die aarde bind, in my Naam en deur my woord, sê die Here, sal dit ewiglik in die hemele gebind wees; en wie se sondes jy op die aarde [b]vergewe, sal ewiglik in die

39*a* 2 Sam. 12:7–8.
*b* GS Sleutels van die Priesterskap.
*c* 2 Sam. 11:4, 27; 12:9; 1 Kon. 15:5. GS Egbreuk; Moord.
*d* Jer. 8:10.
40*a* JS—G 1:33. GS Herstelling van die Evangelie.
42*a* L&V 42:22–26.
43*a* GS Huwelik, Trou; Verbond.
44*a* GS Kuisheid.
45*a* GS Sleutels van die Priesterskap.
*b* Hand. 3:21; L&V 86:10. GS Herstelling van die Evangelie.
46*a* GS Verseël, Verseëling.
*b* GS Vergifnis van Sondes.

hemele vergewe word; en wie se sondes jy op die aarde behou, sal in die hemel behou word.

47 En verder, voorwaar Ek sê, wie jy ook al seën, sal Ek seën, en wie jy ook al vervloek, sal Ek [a]vervloek, sê die Here; want Ek, die Here, is jou God.

48 En verder, voorwaar Ek sê vir jou, my dienskneg Joseph, dat wat jy ook al gee op die aarde, en aan wie jy gee, enigeen op die aarde, deur my woord en volgens my wet, dit besoek sal word met seëninge en nie vervloekinge nie, en met my mag, sê die Here, en sal sonder veroordeling op die aarde en in die hemel wees.

49 Want Ek is die Here jou God, en sal met jou wees en wel tot die [a]einde van die aarde, en deur alle ewigheid; want voorwaar Ek [b]verseël jou [c]verheffing op jou, en berei ʼn troon voor vir jou in die koninkryk van my Vader, met Abraham jou [d]vader.

50 Kyk, Ek het jou [a]opofferings gesien, en sal al jou sondes vergewe; Ek het jou opofferings gesien in gehoorsaamheid aan dit wat Ek jou gesê het. Gaan, daarom, en Ek maak ʼn uitweg vir jou ontvlugting, soos Ek die offerande van Abraham van sy seun Isak [b]aanvaar het.

51 Voorwaar, Ek sê vir jou: ʼn gebod gee Ek aan my diensmaagd Emma Smith, jou vrou, wat Ek aan jou gegee het, dat sy haar weerhou en nie deelneem aan dit wat Ek jou gebied het om aan haar aan te bied nie; want Ek het dit gedoen, sê die Here, om julle almal te beproef, soos Ek Abraham beproef het, en sodat Ek ʼn offerande van jou hand mag vereis, deur verbond en offer.

52 En laat my diensmaagd [a]Emma Smith, al diegene aanvaar wat aan my dienskneg Joseph gegee is, en wat kuis en rein is voor My; en diegene wat nie rein is nie, en gesê het dat hulle kuis is, sal vernietig word, sê die Here God.

53 Want Ek is die Here jou God, en julle sal my stem gehoorsaam; en Ek gee aan my dienskneg Joseph dat hy heerser gemaak sal word oor vele dinge; want hy was [a]getrou oor ʼn paar dinge, en voortaan sal Ek hom versterk.

54 En Ek gebied my diensmaagd, Emma Smith, om te bly by en te kleef aan my dienskneg Joseph, en niemand anders nie. Maar indien sy nie hierdie gebod gehoorsaam nie, sal sy vernietig word, sê die Here; want Ek is die Here jou God, en sal haar vernietig as sy nie hierdie wet gehoorsaam nie.

55 Maar indien sy nie hierdie gebod wil gehoorsaam nie, dan sal my dienskneg Joseph alle dinge vir haar doen, net soos hy gesê het en Ek sal hom seën en hom verme-

47*a* Gén. 12:1–3; L&V 124:93.
49*a* Matt. 28:20.
*b* L&V 68:12.
*c* L&V 5:22. GS Roeping en Verkiesing.
*d* Gén. 17:1–8; 2 Ne. 8:2.
50*a* GS Opoffer.
*b* Gén. 22:10–14; L&V 97:8.
52*a* GS Smith, Emma Hale.
53*a* Matt. 25:21; L&V 52:13.

nigvuldig en aan hom [a]honderdvoudig in hierdie wêreld gee, van vaders en moeders, broers en susters, huise en grond, vroue en kinders, en krone van [b]ewige lewens in die ewige wêrelde.

56 En verder, voorwaar Ek sê laat my diensmaagd my diensskneg Joseph [a]vergewe van sy oortredings; en dan sal haar oortredings vergewe word, waarin sy teen My oortree het; en Ek, die Here jou God, sal haar seën, en haar vermenigvuldig, en haar hart laat bly word.

57 En verder, Ek sê, moenie dat my diensskneg Joseph sy besittings uit sy hande laat gaan nie, sodat 'n vyand nie kom en hom vernietig nie; want Satan [a]soek om te vernietig want Ek is die Here jou God, en hy is my diensskneg; en kyk, en sien, Ek is met hom, soos Ek met Abraham was, jou vader, en wel tot sy [b]verheffing en heerlikheid.

58 Nou, rakende die wet van die [a]priesterskap, daar is vele dinge wat daarmee verband hou.

59 Voorwaar, indien 'n man geroep word deur my vader, soos [a]Aäron was, deur my eie stem, en deur die stem van Hom wat My gestuur het, en Ek het hom begiftig met die [b]sleutels en mag van hierdie priesterskap, indien hy enigiets doen in my Naam, en volgens my wet en deur my woord, sal hy nie sonde pleeg nie, en Ek sal hom regverdig.

60 Laat niemand, daarom, my diensskneg Joseph kritiseer nie; want Ek sal hom regverdig; want hy sal die opofferings doen wat Ek van sy hande vereis vir sy oortredings, sê die Here jou God.

61 En verder, betreffende die wet van die priesterskap—indien enige man met 'n [a]maagd trou, en begeer om met 'n [b]ander te trou, en die eerste gee haar toestemming, en as hy met die tweede trou, en hulle is maagde, en het nie 'n gelofte aan 'n ander man afgelê nie, dan is hy geregverdig; hy kan nie egbreuk pleeg nie want hulle is aan hom gegee; want hy kan nie egbreuk pleeg met dit wat aan hom behoort en niemand anders nie.

62 En indien tien maagde aan hom gegee word deur hierdie wet, kan hy nie egbreuk pleeg nie, want hulle behoort aan hom, en hulle word aan hom gegee; daarom is hy geregverdig.

63 Maar indien een of enige van die tien maagde, nadat sy getroud is, met 'n ander man sal wees, het sy egbreuk gepleeg, en sal vernietig word; want hulle word aan hom gegee om te [a]vermeerder en

55 *a* Mark. 10:28–31.
*b* GS Ewige Lewe; Gesin—Ewige gesin.
56 *a* GS Vergewe.
57 *a* Matt. 10:28.
*b* GS Verheffing.
58 *a* L&V 84:19–26. GS Priesterskap.
59 *a* Hebr. 5:4. GS Aäron, Broer van Moses.
*b* GS Sleutels van die Priesterskap.
61 *a* GS Maagd.
*b* AV 1. GS Huwelik, Trou—Meervoudige huwelik.
63 *a* Gén. 1:26–28; Jakob 2:30.

die aarde te vul, volgens my gebod, en om die belofte te vervul wat gegee is deur my Vader voor die grondlegging van die wêreld, en vir hulle verheffing in die ewige wêrelde, sodat hulle die siele van mense mag baar; want hierin word die [b]werk van my Vader voortgesit, sodat Hy verheerlik mag word.

64 En verder, voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, indien enige man ′n vrou het, wat die sleutels hou van hierdie mag, en hy leer aan haar die wet van my priesterskap betreffende hierdie dinge, dan sal sy glo en hom dien, of sy sal vernietig word, sê die Here julle God; want Ek sal haar vernietig; want Ek sal my Naam verheerlik in al diegene wat my wet aanvaar en gehoorsaam.

65 Daarom, dit sal in My wettig wees, indien sy nie hierdie wet aanvaar nie, vir hom om alle dinge te ontvang wat Ek, die Here sy God, ook al aan hom wil gee, omdat sy nie geglo het nie en hom nie gedien het volgens my woord nie; en dan word sy ′n oortreder, en dan is hy vrygestel van die wet van Sara, wat Abraham gedien het volgens die wet toe Ek Abraham gebied het om Hagar as vrou te neem.

66 En nou, betreffende hierdie wet, voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, Ek sal meer aan jou openbaar hierna; daarom, laat dit genoegsaam wees vir die huidige. Kyk, Ek is Alfa en Omega. Amen.

## AFDELING 133

*Openbaring gegee deur Joseph Smith die Profeet, te Hiram, Ohio, 3 November 1831. As voorwoord tot hierdie openbaring, verklaar Joseph Smith se geskiedenis, "Op hierdie tydstip was daar vele dinge wat die Ouderlinge begerig was om te weet betreffende die prediking van die Evangelie aan die inwoners van die aarde, en betreffende die versameling; en om in die ware lig te wandel, en onderrig te word van omhoog, het ek op die 3de November 1831, navraag by die Here gedoen en die volgende belangrike openbaring ontvang." Hierdie afdeling is eers tot die boek van die Leer en Verbonde bygevoeg as ′n aanhangsel en is sedertdien ′n afdelingsnommer toegeken.*

*1–6, Die Heiliges word gebied om voor te berei vir die Tweede Koms; 7–16, Almal word gebied om van Babilon te vlug, na Sion te kom, en voor te berei vir die groot dag van die Here; 17–35, Hy sal op Berg Sion staan, die vastelande sal een land word, en die verlore stamme van Israel sal terugkeer; 36–40, Die evangelie is deur Joseph Smith herstel om*

63*b* Moses 1:39.

*gepreek te word in die hele wêreld; 41–51, Die Here sal in wraak neerkom op die bose; 52–56, Dit sal die jaar van sy verlostes wees; 57–74, Die evangelie moet uitgestuur word om die Heiliges te red en vir die vernietiging van die bose.*

SLAAN ag, o julle volk van my
kerk, sê die Here julle God, en
hoor die woord van die Here aan-
gaande julle—
2 Die Here sal skielik na sy tem-
pel [a]kom; die Here wat sal neer-
kom op die wêreld met 'n vloek
tot [b]oordeel; ja, op al die nasies
wat God vergeet, en op al die
goddeloses onder julle.
3 Want Hy sal sy heilige arm
[a]ontbloot voor die oë van al die na-
sies, en al die eindes van die aarde
sal die [b]heil van hulle God sien.
4 Daarom, berei julle voor, berei
julle voor, o my volk; heilig julle-
self; versamel byeen, o julle volk
van my kerk, op die land Sion, al
julle wat nie gebied is om te ver-
toef nie.
5 Gaan julle uit van [a]Babilon.
Wees julle [b]skoon wat die voor-
werpe van die Here dra.
6 Belê julle plegtige samekomste,
en [a]spreek dikwels met mekaar.
En laat elkeen die Naam van die
Here aanroep.
7 Ja, voorwaar Ek sê weer vir
julle, die tyd het gekom wanneer
die stem van die Here tot julle is:
Gaan julle uit van Babilon; [a]ver-
samel julle van onder die nasies,
van die [b]vier winde, van die een
einde van die hemel tot die ander.
8 [a]Stuur die ouderlinge van my
kerk uit na die nasies wat ver weg
is; na die [b]eilande van die see;
stuur uit na vreemde lande; doen
'n beroep op alle nasies, eers op
die [c]nie-Jode, en dan op die [d]Jode.
9 En kyk, en sien, dit sal hulle
geroep wees, en die stem van die
Here tot alle volke: Gaan julle uit
na die land Sion, sodat die grense
van my volk vergroot mag word,
en dat haar [a]penne versterk mag
word, en sodat [b]Sion mag uitbrei
na die streke rondomheen.
10 Ja, laat die geroep uitgaan on-
der alle volke: Ontwaak en staan
op en gaan uit om die [a]Bruide-
gom te ontmoet; kyk en sien, die
Bruidegom kom; gaan julle uit
om Hom te ontmoet. Berei julle-
self voor vir die [b]groot dag van
die Here.

---

**133** 2*a* Mal. 3:1; L&V 36:8.
*b* L&V 1:36. GS Jesus Christus—Regter.
3*a* Jes. 52:10.
*b* Jes. 12:2; 52:10. GS Heil; Plan van Verlossing.
5*a* Alma 5:57; L&V 1:16. GS Babel, Babilon; Wêreldsheid.
*b* 2 Tim. 2:21; 3 Ne. 20:41; L&V 38:42. GS Suiwer, Suiwerheid.
6*a* Mal. 3:16–18.
7*a* L&V 29:8. GS Israel—Die versameling van Israel.
*b* Sag. 2:6–7; Mark. 13:27.
8*a* GS Sendingwerk.
*b* Jes. 11:11; 1 Ne. 22:4; 2 Ne. 10:8, 20.
*c* GS Nie-Jode.
*d* GS Jode.
9*a* Jes. 54:2. GS Pen.
*b* GS Sion.
10*a* Matt. 25:6; L&V 33:17–18; 45:54–59. GS Bruidegom.
*b* L&V 1:12–14.

11 [a]Waak, daarom, want julle
[b]weet nóg die dag, nóg die uur.
12 Laat hulle, daarom, wat [a]on-
der die nie-Jode is, na [b]Sion vlug.
13 En laat hulle wat van [a]Juda is,
vlug na [b]Jerusalem, na die [c]berge
van die [d]huis van die Here.
14 Gaan julle uit van onder die
nasies, naamlik van Babilon, uit
die midde van die boosheid, wat
geestelike Babilon is.
15 Maar voorwaar, so sê die
Here, laat jou vlug nie [a]inderhaas
wees nie. Maar laat alle dinge
vooraf voorberei word vir jou;
en hy wat gaan, moet [b]nie dat hy
terugkyk nie, sodat skielike ver-
nietiging nie oor hom kom nie.
16 Slaan ag en hoor, o julle in-
woners van die aarde. [a]Luister,
tesame julle ouderlinge van my
kerk, en hoor die stem van die
Here; want hy doen 'n beroep op
alle mense, en hy gebied almal
orals om te [b]bekeer.
17 Want kyk, die Here God het
'n engel [a]uitgestuur wat roep
deur die midde van die hemel,
en sê: Berei julle die weg van die
Here, en maak sy paaie [b]reguit,
want die uur van sy [c]koms is
naby—
18 Wanneer die [a]Lam op [b]Berg
Sion sal staan, en saam met Hom
'n [c]honderd vier en veertig dui-
send, met sy Vader se Naam op
hulle voorhoofde geskrywe.
19 Daarom, berei julle voor vir
die [a]koms van die [b]Bruidegom;
gaan julle, gaan julle uit om Hom
te ontmoet.
20 Want kyk, Hy sal op die Olyf-
berg [a]staan, en op die magtige
oseaan, selfs die groot diepte, en
op die eilande van die see, en op
die land Sion.
21 En Hy sal sy stem [a]uiter van-
uit [b]Sion, en Hy sal spreek van
Jerusalem, en sy stem sal onder
alle mense gehoor word.
22 En dit sal 'n stem wees soos
die [a]stem van baie waters, en soos
die stem van groot [b]donderweer,
wat die berge sal [c]afbreek, en die
valleie sal nie gevind word nie.
23 Hy sal die groot dieptes ge-
bied, en dit sal teruggedryf word
na die noordelike lande, en die
[a]eilande sal een land word;
24 En die land [a]Jerusalem en die

11 *a* Mark. 13:32–37; JS—M 1:46, 48.
*b* L&V 49:7.
12 *a* L&V 38:31, 42.
*b* GS Sion.
13 *a* GS Juda.
*b* GS Jerusalem.
*c* Jes. 2:1–3; Eség. 38:8.
*d* Ps. 122.
15 *a* Jes. 52:10–12; L&V 58:56.
*b* Gén. 19:17, 26; Lk. 9:62.
16 *a* L&V 1:1–6.
*b* GS Bekeer, Bekering.
17 *a* L&V 13; 27:7–8; 88:92.
*b* Jes. 40:3–5.
*c* Mal. 3:1.
18 *a* Openb. 14:1. GS Lam van God.
*b* L&V 84:2.
*c* Openb. 7:1–4.
19 *a* Matt. 25:1–13; L&V 33:17–18; 88:92. GS Tweede Koms van Jesus Christus.
*b* GS Bruidegom.
20 *a* Sag. 14:4; L&V 45:48–53.
21 *a* Joël 3:16; Amos 1:2.
*b* Jes. 2:2–4.
22 *a* Eség. 43:2; Openb. 1:15; L&V 110:3.
*b* Ps. 77:18; Openb. 14:2.
*c* Rigt. 5:5; Jes. 40:4; 64:1; Openb. 16:20; L&V 49:23; 109:74.
23 *a* Openb. 6:14.
24 *a* GS Jerusalem.

land Sion sal na hul eie plek teruggebring word, en die aarde sal wees soos dit was in die dae voor dit [b]verdeel is.

25 En die Here, naamlik die Saligmaker, sal in die midde van sy volk staan, en sal [a]heers oor alle vlees.

26 En hulle wat in die [a]noordelike lande is sal onthou word deur die Here; en hulle profete sal sy stem hoor, en sal hulleself nie langer terughou nie; en hulle sal die rotse slaan, en die ys sal afvloei vanweë hulle teenwoordigheid.

27 En ′n [a]hoofweg sal opgebou word in die midde van die groot dieptes.

28 Hulle vyande sal ′n prooi vir hulle word.

29 En in die [a]barre woestyne sal poele lewende water ontstaan; en die droë grond sal nie langer ′n dorsland wees nie.

30 En hulle sal hulle kosbare skatte na die kinders van [a]Efraim, my diensknegte, bring.

31 En die grense van die ewigdurende [a]berge sal bewe vanweë hul teenwoordigheid.

32 En daar sal hulle neerval en met heerlikheid gekroon word, naamlik in Sion, deur die hande van die diensknegte van die Here, naamlik die kinders van Efraim.

33 En hulle sal gevul wees met [a]liedere van ewigdurende vreugde.

34 Kyk, dit is die seëning van die ewigdurende God op die [a]stamme van Israel, en die ryker seëning op die hoof van [b]Efraim en sy metgeselle.

35 En ook hulle van die stam van [a]Juda, na hulle pyn, sal geheilig word in [b]heiligheid voor die Here, om dag en nag in sy teenwoordigheid te woon, vir ewig en ewig.

36 En nou, voorwaar sê die Here, sodat hierdie dinge onder julle bekend mag wees, o inwoners van die aarde, het Ek my [a]engel uitgestuur wat vlieg in die middel van die hemel, met die ewigdurende [b]evangelie, wat verskyn het aan sommiges en dit aan die mens toevertrou het, wat aan vele sal verskyn wat op die aarde woon.

37 En hierdie [a]evangelie sal [b]gepreek word aan [c]elke nasie, en stam, en taal, en volk.

38 En die diensknegte van God

24*b* Gén. 10:25. GS Aarde—Verdeling van die aarde.
25*a* GS Jesus Christus—Christus se heerskappy in die Millennium.
26*a* Jer. 16:14–15; L&V 110:11. GS Israel—Die tien verlore stamme van Israel.
27*a* Jes. 11:15–16; 2 Ne. 21:16.
29*a* Jes. 35:6–7.
30*a* Sag. 10:7–12. GS Efraim—Die stam van Efraim.
31*a* Gén. 49:26.
33*a* Jes. 35:10; 51:11; L&V 66:11.
34*a* GS Israel—Die twaalf stamme van Israel.
*b* Gén. 48:14–20; 1 Kron. 5:1–2; Ether 13:7–10.
35*a* GS Juda—Die stam van Juda.
*b* GS Heiligheid.
36*a* Openb. 14:6–7; L&V 20:5–12.
*b* GS Herstelling van die Evangelie.
37*a* GS Evangelie.
*b* GS Preek; Sendingwerk.
*c* L&V 42:58.

sal uitgaan, en met ʼn luide stem
sê: Vrees God en gee eer aan Hom,
want die uur van sy oordeel het
gekom;
39 En [a]aanbid Hom wat die he-
mel, en die aarde, en die see, en
die fonteine van waters gemaak
het—
40 Roepende op die Naam van
die Here dag en nag, en sê: O dat
U die hemele sou [a]skeur, dat U
sou neerdaal, dat die berge mag
neervloei vanweë u teenwoordig-
heid.
41 En dit sal op hulle hoofde
verhoor word; want die teen-
woordigheid van die Here sal
wees soos die smeltende vuur wat
brand, en soos die vuur wat die
waters laat [a]kook.
42 O Here, U sal neerdaal om
u Naam aan u teenstanders be-
kend te maak, en alle nasies sal in
u teenwoordigheid bewe.
43 Wanneer U vreeslike dinge
doen, dinge wat hulle nie ver-
wag nie;
44 Ja, wanneer U neerdaal, en
die berge neervloei vanweë u
teenwoordigheid, sal U hom [a]te-
gemoetgaan wat hom verbly en
regverdigheid doen, wat U ont-
hou in u weë.
45 Want sedert die begin van die
wêreld het die mens nie gehoor,
nóg deur die oor waargeneem,
nóg het enige oog gesien, o God,
behalwe U, hoe groot dinge U
[a]voorberei het vir hom wat op U
[b]wag.
46 En dit sal gesê word: [a]Wie is
dit wat [b]neerdaal van God in die
hemel met gekleurde kleding; ja,
van die streke wat nie bekend is
nie, geklee in sy wonderlike ge-
waad, wat voortbeweeg in die
grootheid van sy krag?
47 En Hy sal sê: Ek is Hy wat in
regverdigheid gespreek het, mag-
tig om te red.
48 En die Here sal [a]rooi wees
in sy gewaad, en sy kleding soos
hom wat die wynpers trap.
49 En so groot sal die heerlik-
heid wees van sy teenwoordig-
heid dat die [a]son sy gesig in
skaamte sal verberg, en die maan
sal sy lig weerhou, en die sterre
sal uit hulle plekke gewerp word.
50 En sy stem sal gehoor word:
Ek het die wynpers alleen [a]getrap,
en het oordeel oor alle mense ge-
bring; en niemand was by My nie.
51 En Ek het hulle vertrap in my
woede, en Ek het op hulle getrap
in my toorn, en hulle bloed het
Ek op my kleding [a]gesprinkel, en
al my klere bevlek; want dit was
die dag van wraak wat in my hart
was.

39 *a* GS Aanbid.
40 *a* Jes. 64:1–2.
41 *a* Job 41:31.
44 *a* 1 Thes. 4:15–18.
45 *a* Jes. 64:4; 1 Kor. 2:9.
*b* Klaagl. 3:25; 2 Ne. 6:7, 13.
46 *a* Jes. 63:1–2.
*b* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
48 *a* Gén. 49:11–12; Lk. 22:44; Openb. 19:11–15; JSV Openb. 19:15 (Bylae); Mosia 3:7; L&V 19:18.
49 *a* Jes. 13:10; 24:23; L&V 45:42; 88:87.
50 *a* Jes. 63:2–3; L&V 76:107; 88:106.
51 *a* Lev. 8:30.

52 En nou, die jaar van my verlostes het gekom; en hulle sal na die liefdevolle teerheid van hulle Here verwys, en alles wat Hy hulle geskenk het ooreenkomstig sy goedertierenheid, en ooreenkomstig sy liefdevolle teerheid, vir ewig en ewig.
53 In al hulle [a]verdrukkings was Hy verdruk. En die engel van sy teenwoordigheid het hulle gered; en deur sy [b]liefde en deur sy medelye, het Hy hulle [c]verlos, en hulle opgehef, en hulle gedra al die dae van ouds;
54 Ja, en [a]Henog ook, en hulle wat by hom was; die profete wat voor hom was; en [b]Noag ook, en hulle wat voor hom was; en [c]Moses ook, en hulle wat voor hom was;
55 En van Moses tot Elía, en van Elía tot Johannes, wat met Christus was in sy [a]opstanding, en die heilige apostels, met Abraham, Isak en Jakob, sal in die teenwoordigheid van die Lam wees.
56 En die [a]grafte van die [b]heiliges sal [c]geopen word; en hulle sal uitkom en aan die [d]regterhand van die Lam staan, wanneer Hy op [e]Berg Sion sal staan, en op die heilige stad, die [f]Nuwe Jerusalem; en hulle sal die [g]lied van die [h]Lam sing, dag en nag, vir ewig en ewig.
57 En om hierdie rede, sodat die mens deelgenote gemaak mag word van die [a]heerlikhede wat openbaar sou word, het die Here die volheid van sy [b]evangelie uitgestuur, sy ewigdurende verbond, en redeneer in duidelikheid en eenvoud—
58 Om die swakkes voor te berei vir daardie dinge wat na die aarde kom, en vir die Here se opdrag op die dag wanneer die [a]swakkes die wyses sal verneder, en die [b]kleintjie sal 'n sterk nasie word, en [c]twee sal hulle tienduisende laat vlug.
59 En deur die swak dinge van die aarde sal die Here die nasies [a]dors deur die mag van sy Gees.
60 En om hierdie rede is hierdie gebooie gegee; hulle is gebied om teruggehou te word van die wêreld op die dag waarop dit gegee is, maar hulle moet nou [a]uitgaan na [b]alle vlees—
61 En dit ooreenkomstig die verstand en wil van die Here, wat oor alle vlees heers.
62 En aan hom wat [a]bekeer en homself [b]heilig voor die Here sal die [c]ewige lewe gegee word.

53*a* Jes. 63:4–9.
*b* GS Naasteliefde.
*c* GS Verlos, Verlossing.
54*a* GS Henog.
*b* GS Noag, Bybelse Patriarg.
*c* GS Moses.
55*a* GS Opstanding.
56*a* L&V 29:13.
*b* GS Heilige.
*c* L&V 45:45–46; 88:96–97.
*d* Matt. 25:33–34.
*e* Jes. 24:23; Openb. 14:1; L&V 76:66; 84:2, 98–102.
*f* GS Nuwe Jerusalem.
*g* Openb. 15:3; L&V 84:98–102.
*h* GS Lam van God.
57*a* GS Grade van Heerlikheid.
*b* GS Evangelie.
58*a* Matt. 11:25; 1 Kor. 1:27; Alma 32:23; 37:6–7.
*b* Jes. 60:22.
*c* Deut. 32:29–30.
59*a* Miga 4:11–13.
60*a* L&V 104:58–59.
*b* L&V 1:2.
62*a* GS Bekeer, Bekering.
*b* L&V 88:74. GS Heiligmaking.
*c* GS Ewige Lewe.

63 En aan hulle wat [a]nie ag slaan op die stem van die Here nie, sal vervul word dít waarvan geskryf is deur die profeet Moses, dat hulle van onder die volk [b]afgesny sal word.

64 En ook dit wat geskryf is deur die profeet [a]Maleági: Want, kyk, die [b]dag kom wat sal [c]brand soos ʼn oond, en al die hoogmoediges, ja, en almal wat booslik handel, sal soos stoppels wees; en die dag wat kom sal hulle verbrand, sê die Here van die Leërskare, dat dit hulle nóg wortel nóg tak sal oorlaat.

65 Daarom, dit sal die antwoord van die Here aan hulle wees:

66 Op daardie dag wat Ek na my eie gekom het, het niemand onder julle My [a]aanvaar nie, en julle is uitgedryf.

67 Toe Ek weer geroep het, was daar niemand van julle om te antwoord nie; tog is my [a]arm hoegenaamd nie verkort sodat Ek nie kon verlos nie, nóg my [b]mag om te red.

68 Kyk, op my bestraffing [a]droog Ek die see op. Ek maak die riviere ʼn wildernis; hulle visse stink en sterf van dors.

69 Ek beklee die hemele met swartheid, en Ek maak ʼn roukleed hul bedekking.

70 En [a]dit sal julle hê uit my hand—julle sal neerlê in smart.

71 Kyk, en sien, daar is niemand om julle te verlos nie; want julle het nie my stem gehoorsaam toe Ek julle uit die hemele geroep het nie; julle het nie my diensknegte geglo nie, en toe hulle na julle [a]gestuur is, het julle hulle nie aanvaar nie.

72 Daarom, hulle het die getuienis [a]verseël en die wet toegebind, en julle is oorgegee aan die duisternis.

73 Hulle sal weggaan na die buitenste duisternis, waar daar ʼn [a]geween is, en ʼn geklaag en ʼn gekners van tande.

74 Kyk, die Here julle God het dit gespreek. Amen.

# AFDELING 134

*ʼn Verklaring van geloof betreffende regerings en wette in die algemeen, aanvaar deur eenparige stemming tydens ʼn algemene*

63*a* GS Ag slaan op.
*b* Hand. 3:22–23; 1 Ne. 22:20–21; 3 Ne. 20:23; 21:11; L&V 1:14; JS—G 1:40.
64*a* Mal. 4:1. GS Maleági.
*b* JS—G 1:36–37.
*c* Jes. 66:15–16; 1 Ne. 22:15; 3 Ne. 25:1; L&V 29:9; 64:24. GS Aarde—Reiniging van die aarde.
66*a* Joh. 1:11.
67*a* 2 Ne. 28:32.
*b* Jes. 50:2; 2 Ne. 7:2.
68*a* Ex. 14:21; Jos. 3:14–17.
70*a* Jes. 50:11.
71*a* 2 Kron. 36:15–16; Jer. 44:4–5.
72*a* Jes. 8:16–20.
73*a* Matt. 8:11–12; Lk. 13:28; L&V 19:5. GS Duisternis, Geestelike; Hel.

*samekoms van die kerk gehou te Kirtland, Ohio, 17 Augustus 1835. Baie Heiliges het byeengekom om die voorgestelde inhoud van die eerste uitgawe van die Leer en Verbonde te oorweeg. Op daardie tydstip is die volgende inleiding by hierdie verklaring gegee: "Dat ons geloof met betrekking tot aardse regerings en wette in die algemeen nie gewaninterpreteer nóg misverstaan mag word, het ons dit goedgedink om, aan die einde van hierdie volume, ons opinie daaroor te gee."*

*1–4, Regerings moet vryheid van gewete en aanbidding handhaaf; 5–8, Alle mense moet hulle regerings ondersteun en is respek en eerbied aan die wet verskuldig; 9–10, Godsdienstige genootskappe moet nie burgerlike magte uitoefen nie; 11–12, Mense is geregverdig om hulleself en hulle besittings te verdedig.*

Ons glo dat [a]regerings deur God ingestel is vir die voordeel van die mens; en dat Hy die mens [b]verantwoordelik hou vir hulle dade ten opsigte van hulle, beide in die maak van wette en die uitvoering daarvan, vir die welsyn en veiligheid van die gemeenskap.

2 Ons glo dat geen regering in vrede kan bestaan nie, tensy sodanige wette saamgestel word en onaantasbaar gehou word wat aan elke individu die [a]vrye uitoefening van [b]gewete, die reg op en beheer van besittings, en die [c]beskerming van lewe verseker.

3 Ons glo dat alle regerings noodwendig burgerlike [a]amptenare en magistrate benodig om die wette daarvan toe te pas; en dat diegene wat die wet in billikheid en geregtigheid wil bestuur, na gesoek moet word en ondersteun word deur die stem van die volk indien 'n republiek, of die wil van die heerser.

4 Ons glo dat godsdiens deur God ingestel is; en dat die mens aan Hom verantwoordelik is, en aan Hom alleen, vir die beoefening daarvan, tensy hulle godsdienstige opinies hulle aanspoor om inbreuk te maak op die regte en vryhede van andere; maar ons glo nie dat die menslike wet 'n reg het om in te meng om die reëls van [a]aanbidding voor te skryf om die gewetens van mense te beperk nie, nóg wyses van openbare of private aanbidding te dikteer; dat die burgerlike magistrate misdaad moet beperk, maar nooit die gewete beheer nie; moet skuld straf, maar nooit die vryheid van die siel onderdruk nie.

5 Ons glo dat alle mense gebonde is om die onderskeie regerings waar hulle woon te onderskraag en te onderhou, terwyl hulle in hul inherente en onvervreembare regte deur die wette van sodanige regerings beskerm

**134** 1*a* L&V 98:4–7; Gel. Art. 1:12.
*b* GS Toerekenbaar, Toerekenbaarheid.
2*a* GS Handelingsmag.
*b* GS Gewete.
*c* L&V 42:18–19.
3*a* L&V 98:8–10.
4*a* Alma 21:21–22; Gel. Art. 1:11. GS Aanbid.

word; en dat oproer en [a]rebellie nie enige burger betaam wat aldus beskerm word nie, en behoort ooreenkomstig gestraf word; en dat alle regerings die reg het om sulke wette in te stel wat volgens hulle oordeel die beste sal wees om die publiek se belange te beveilig; terselfdertyd, egter, moet hulle die vryheid van gewete heilig hou.

6 Ons glo dat elkeen in sy amp geëer moet word, heerser en magistrate as sodanig, daargestel vir die beskerming van die onskuldiges en die bestraffing van die skuldiges; en dat aan die [a]wette alle mense respek en eerbied verskuldig is, aangesien vrede en harmonie sonder hulle vervang sou word deur wetteloosheid en vrees; menslike wette is ingestel vir die uitsluitlike doel om ons belange te beheer as individue en nasies, tussen mens en mens; en goddelike wette gegee deur die hemel, wat reëls voorskryf oor geestelike sake, vir geloof en aanbidding, beide om rekenskap te gee deur die mens aan sy Maker.

7 Ons glo dat heersers, state, en regerings ′n reg het, en die plig het om wette te maak vir die beskerming van alle burgers in die vrye uitoefening van hulle godsdienstige geloof; maar ons glo nie dat hulle ′n reg het volgens geregtigheid om burgers te ontneem van hierdie voorreg nie, of te verbied ten opsigte van hulle opinies nie, solank as wat respek en eerbied betoon word aan die wette en sodanige godsdienstige opinies nie oproer nóg sameswering regverdig.

8 Ons glo dat die pleeg van ′n misdaad [a]gestraf moet word ooreenkomstig die aard van die oortreding; dat moord, hoogverraad, roof, diefstal, en algemene rusversteuring, in alle opsigte gestraf moet word ooreenkomstig hulle kriminaliteit en hulle neiging om die kwade onder die mense te bevorder, ooreenkomstig die wette van daardie regering waaronder die oortreding gepleeg is; en ter wille van die openbare vrede en rustigheid alle mense vorentoe moet tree en hulle vermoë gebruik om oortreders van goeie wette tot straf te bring.

9 Ons glo nie dat dit regverdig is om godsdienstige invloed te meng met burgerlike regering nie, waardeur een kerkgenootskap bevoordeel word en ′n ander verhinder word in sy geestelike voorregte, en die individuele regte van sy lede, as burgers, ontneem word.

10 Ons glo dat alle kerkgenootskappe ′n reg het om teen hulle lede op te tree vanweë wanordelike gedrag, volgens die reëls en regulasies van sodanige kerkgenootskappe; mits sulke optrede te make het met deelgenootskap en waardige lidmaatskap; maar ons glo nie dat enige godsdienstige

5*a* Gel. Art. 1:12.
GS Rebellie.
6*a* L&V 58:21; 88:34.
8*a* Alma 30:7–11;
L&V 42:84–87.

genootskap die gesag het om mense te verhoor ten opsigte van besittings of lewe nie, om van hulle hierdie wêreld se goedere af te neem, of om hulle lewens of ledemate in gevaar te stel nie, of om enige liggaamlike straf op hulle toe te pas nie. Hulle kan hul slegs [a]ekskommunikeer van hulle genootskap, en hulle deelgenootskap onttrek.

11 Ons glo dat mense 'n beroep moet doen op die burgerreg om skadevergoeding vir alle onregte en griewe, waar persoonlike mishandeling opgedoen word, of die reg tot besittings of karakter geskend word, waar sulke wette bestaan om sulke sake te beskerm; maar ons glo egter dat alle mense geregverdig is om hulleself te verdedig, hulle vriende, en besittings, en die regering, teen onwettige aanrandings en skending van regte van alle persone in tye van nood, waar 'n onmiddellike beroep nie op die wette gedoen kan word, en verligting verkry kan word nie.

12 Ons glo dat dit geregverdig is om die evangelie aan die nasies van die aarde te [a]predik, en die regverdiges te waarsku om hulleself te red van die korrupsie van die wêreld; maar ons glo nie dat dit 'n reg is om in te meng met slawe nie, nóg die evangelie aan hulle te predik, nóg hulle te doop teenstrydig met die wil en wense van hulle meesters, nóg in te meng met of hulle in die minste te beïnvloed om hulle ontevrede te maak oor hulle lewensomstandighede, en daardeur die lewens van mense in gevaar stel nie; ons glo dat sulke bemoeiing onwettig en onregverdig is, en gevaarlik vir die vrede van elke regering wat toelaat dat mense in slawerny gehou word.

# AFDELING 135

*Aankondiging van die martelaarskap van Joseph Smith die Profeet en sy broer, Hyrum Smith die Patriarg, te Carthage, Illinois, 27 Junie 1844. Hierdie dokument is ingesluit aan die einde van die 1844-uitgawe van die Leer en Verbonde, wat bykans gereed was vir publikasie toe Joseph en Hyrum Smith vermoor is.*

*1–2, Joseph en Hyrum sterf 'n marteldood in die Carthage-gevangenis; 3, Die vooraanstaande posisie van die Profeet word bekendgemaak; 4–7, Hulle onskuldige bloed getuig van die waarheid en die goddelikheid van die werk.*

Om die getuienis van hierdie boek en die Boek van Mormon te

10*a* GS Ekskommunikeer.
12*a* GS Preek; Sendingwerk.

verseël, kondig ons die [a]martelaarskap van [b]Joseph Smith die Profeet, en Hyrum Smith die Patriarg aan. Hulle is geskiet in die [c]Carthage-gevangenis op die 27ste Junie, 1844, ongeveer 5 nm., deur ʼn gewapende bende—swart geverf—van 150 tot 200 persone. [d]Hyrum is eerste geskiet en het kalm neergeval, en uitgeroep: *Ek is ʼn dooie man!* Joseph het by die venster uitgespring en is doodgeskiet in die poging, en uitgeroep: *O Here my God!* Hulle is albei geskiet nadat hulle dood was, op ʼn brutale wyse, en beide is deur vier koeëls getref.

2 [a]John Taylor en Willard Richards, twee van die twaalf, was die enigste persone in die kamer op daardie tydstip; eersgenoemde is op ʼn wrede wyse gewond deur vier koeëls, maar het intussen herstel; laasgenoemde, deur die voorsienigheid van God, het ontsnap sonder selfs ʼn gat in sy jas.

3 Joseph Smith, die [a]Profeet en [b]Siener van die Here, het meer gedoen, behalwe Jesus alleen, vir die heil van mense in hierdie wêreld, as enige ander mens wat ooit daarin geleef het. In die kort tydperk van twintig jaar, het hy die Boek van Mormon voortgebring, wat hy vertaal het deur die gawe en krag van God, en was die middel om dit te publiseer op twee kontinente; het die [c]volheid van die ewigdurende evangelie, wat dit bevat het, aan die vier hoeke van die aarde gestuur; het die openbarings en gebooie wat hierdie boek van die Leer en Verbonde uitmaak, voortgebring, en vele ander wyse dokumente en opdragte tot voordeel van die kinders van mense; het duisende van die Heiliges van die Laaste Dae byeengebring, het ʼn groot [d]stad gevestig, en ʼn roem en naam agtergelaat wat nie vernietig kan word nie. Hy het groot geleef, en groot gesterf in die oë van God en sy volk; en soos die meeste van die Here se gesalfdes in antieke tye, het hy sy sending en sy werke verseël met sy eie [e]bloed; en so het sy broer Hyrum ook gedoen. In die lewe was hulle nie verdeeld nie, en in die dood was hulle nie geskei nie!

4 Toe Joseph na Carthage gegaan het om homself oor te gee aan die skyn-vereistes van die wet, het hy twee of drie dae voor sy sluipmoord gesê: "Ek gaan soos ʼn [a]lam na die slagting; maar ek is kalm soos ʼn somersoggend; ek het ʼn gewete sonder aanstoot teenoor God, en teenoor alle mense. Ek sal onskuldig sterf, en dit sal nog van my gesê word—hy is koelbloedig vermoor."—Dieselfde oggend,

**135** 1*a* L&V 5:22; 6:30. GS Martelaar, Martelaarskap.
*b* GS Smith, Joseph, Jr.
*c* GS Carthage-gevangenis (VSA).
*d* GS Smith, Hyrum.
2*a* GS Taylor, John.
3*a* GS Profeet.
*b* GS Siener.
*c* L&V 35:17; 42:12. GS Herstelling van die Evangelie.
*d* GS Nauvoo, Illinois (VSA).
*e* Hebr. 9:16–17; L&V 136:39.
4*a* Jes. 53:7.

nadat Hyrum gereedgemaak het om te vertrek—sal dit gesê word na die slagting? ja, want dit was so—het hy die volgende paragraaf gelees, naby die slot van die twaalfde hoofstuk van Ether, in die Boek van Mormon, en het die bladsy daar omgevou:

5 *En dit het gebeur dat ek gebid het tot die Here sodat Hy aan die nie-Jode genade sal gee, dat hulle naasteliefde mag hê. En dit het gebeur dat die Here aan my gesê het: As hulle nie naasteliefde het nie, maak dit nie vir jou saak nie, jy was getrou; daarom, jou kleding sal* [a]*gereinig word. En omdat jy jou swakheid gesien het, sal jy sterk gemaak word, totdat jy kan sit in die plek wat Ek berei het in die wonings van my Vader. En nou ek . . . sê vaarwel aan die nie-Jode, ja, en ook aan my broers vir wie ek liefhet, totdat ons sal ontmoet voor die* [b]*regterstoel van Christus, waar alle mense sal weet dat my kleding nie bevlek is met julle bloed nie.* Die [c]testateure is nou dood, en hulle testament is van krag.

6 Hyrum Smith was vier en veertig jaar oud in Februarie 1844, en Joseph Smith was agt en dertig in Desember 1843; en voortaan sal hulle name gelys word onder die martelaars van godsdiens; en die leser in elke nasie sal herinner word dat die Boek van Mormon, en hierdie boek van Leer en Verbonde van die kerk, die beste bloed van die negentiende eeu gekos het om hulle voort te bring vir die heil van 'n gevalle wêreld; en dat indien die vuur 'n [a]groen boom kan verskroei vir die heerlikheid van God, hoe maklik sal dit die droë bome verbrand om die wingerd te reinig van verderf. Hulle het vir heerlikheid geleef, hulle het vir heerlikheid gesterf, en heerlikheid is hulle ewige loon. Van eeu tot eeu sal hulle name beskou word as skatte vir die nageslag vir die geheiligdes.

7 Hulle was onskuldig aan enige misdaad, soos dit dikwels voorheen bewys is, en is slegs in die gevangenis opgesluit vanweë die sameswering van verraaiers en bose mense; en hulle *onskuldige bloed* op die vloer van die Carthage-gevangenis is 'n groot seël wat geplaas is op "Mormonisme" wat nie verwerp kan word deur enige hof op die aarde nie, en hulle *onskuldige bloed* op die embleem van die Staat Illinois, met die gebroke belofte van die Staat soos verseker deur die goewerneur, is 'n getuienis van die waaragtigheid van die ewigdurende evangelie wat die hele wêreld nie kan betwyfel nie; en hulle *onskuldige bloed* op die vaandel van vryheid, en op die *magna charta* van die Verenigde State, is 'n ambassadeur vir die godsdiens van Jesus Christus wat die harte sal aanraak van eerlike mense onder alle nasies; en hulle *onskuldige bloed*, tesame

5*a* L&V 88:74–75.
*b* Ether 12:36–38.
*c* Hebr. 9:16–17.
6*a* Lk. 23:31.

met die onskuldige bloed van al die martelaars onder die [a]altaar wat Johannes gesien het, sal tot die Here van die Leërskare roep totdat hy daardie bloed op die aarde wreek. Amen.

# AFDELING 136

*Die woord en wil van die Here, gegee deur President Brigham Young te Winter Quarters, die kamp van Israel, Omaha-nasie, op die westelike oewer van die Missouri-rivier, naby Council Bluffs, Iowa.*

*1–16, Hoe die kamp van Israel georganiseer moet word vir die reis weswaarts word verduidelik; 17–27, Die Heiliges word gebied om volgens talle evangeliese maatstawwe te leef; 28–33, Die heiliges moet sing, dans, bid, en wysheid leer; 34–42, Profete word gedood sodat hulle vereer mag word en die bose veroordeel word.*

Die Woord en Wil van die Here aangaande die Kamp van Israel in hulle reise na die Weste:

2 Laat al die lede van [a]Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, en diegene wat saam met hulle reis, georganiseer word in groepe, met 'n verbond en 'n belofte om al die gebooie en insettinge van die Here ons God te onderhou.

3 Laat die groepe georganiseer word met owerstes oor [a]honderd, owerstes van vyftig, en owerstes van tien, met 'n president en sy twee raadgewers aan hulle hoof, onder die leiding van die Twaalf [b]Apostels.

4 En dít sal ons [a]verbond wees—dat ons sal [b]wandel in al die [c]ordinansies van die Here.

5 Laat elke groep hulleself voorsien van al die trekdiere, waens, voorrade, klere, en ander noodsaaklikhede vir die reis wat hulle kan.

6 Wanneer die groepe georganiseer is, laat hulle met al hul mag begin om voor te berei vir diegene wat moet agterbly.

7 Laat elke groep, met hulle owerstes en presidente, besluit hoeveel volgende lente kan gaan; kies dan 'n genoegsame aantal liggaamlik sterk en kundige manne, om trekdiere, sade, en boerdery-implemente te neem, om as pioniers te gaan om voor te berei vir die plant van lentegewasse.

8 Laat elke groep 'n gelyke hoeveelheid dra, volgens die gedeelte van hulle besittings, deur die [a]armes, die [b]weduwees, die

7*a* Openb. 6:9.
**136** 2*a* GS Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, Die.
3*a* Ex. 18:21–26.
*b* GS Apostel.
4*a* GS Verbond.
*b* GS Wandel, Wandel met God.
*c* GS Ordinansies.
8*a* GS Armes.
*b* GS Weduwee.

[c]vaderloses, en die families van diegene wat by die leër aangesluit het, saam te neem, sodat die geroep van die weduwee en die vaderlose nie opkom in die ore van die Here teen hierdie volk nie.

9 Laat elke groep huise, en landerye vir die verbouing van graan voorberei vir diegene wat hierdie seisoen moet agterbly; en dit is die wil van die Here aangaande sy volk.

10 Laat elke man al sy invloed en besittings aanwend om hierdie volk te verplaas na die plek waar die Here ʼn [a]pen van Sion sal vestig.

11 En indien julle dit doen met ʼn rein hart, in alle getrouheid, sal julle [a]geseën word; julle sal geseën word ten opsigte van julle kleinvee, en ten opsigte van julle grootvee, en ten opsigte van julle landerye, en ten opsigte van julle huise en julle families.

12 Laat my diensknegte Ezra T. Benson en Erastus Snow ʼn groep organiseer.

13 En laat my diensknegte Orson Pratt en Wilford Woodruff ʼn groep organiseer.

14 Laat ook my diensknegte Amasa Lyman en George A. Smith ʼn groep organiseer.

15 En stel presidente aan, en owerstes oor honderd, en oor vyftig en oor tien.

16 En laat my diensknegte wat aangestel is gaan en dit, my wil, aan die heiliges leer, sodat hulle gereed mag wees om na ʼn land van vrede te gaan.

17 Gaan op julle pad en doen wat Ek julle gesê het, en vrees nie julle vyande nie; want hulle sal nie die mag hê om my werk te stop nie.

18 Sion sal [a]verlos word in my eie bepaalde tyd.

19 En indien enigeen sal poog om homself op te bou, en nie my [a]raad soek nie, sal hy geen mag hê nie en sy dwaasheid sal geopenbaar word.

20 Soek julle; en [a]onderhou al julle beloftes die een met die ander, en [b]begeer nie dit wat jou broer s'n is nie.

21 [a]Weerhou julleself van die bose om die Naam van die Here ydellik te gebruik, want Ek is die Here julle God, en wel die [b]God van julle vaders, die God van Abraham en van Isak en van Jakob.

22 [a]Ek is Hy wat die kinders van Israel uit Egipteland gelei het; en my arm is uitgestrek in die laaste dae, om my volk Israel te [b]red.

23 Hou op om met mekaar te [a]stry; hou op om [b]kwaad te spreek van mekaar.

8*c* Jak. 1:27; 3 Ne. 24:5.
10*a* GS Pen.
11*a* Deut. 28:1–14. GS Seën, Geseënd, Seëning.
18*a* L&V 100:13.
19*a* GS Raad.
20*a* GS Eerlik, Eerlikheid.
*b* GS Begeer.
21*a* GS Oneerbiedigheid.
*b* Ex. 3:6; 1 Ne. 19:10.
22*a* Ex. 13:18; Jer. 2:5–7; 1 Ne. 5:15; Alma 36:28. GS Jehova.
*b* Jer. 30:10; Eség. 20:33–34; L&V 38:33.
23*a* 3 Ne. 11:29–30. GS Twis.
*b* L&V 20:54. GS Kwaadsprekery.

24 Hou op met [a]dronkenskap; en laat julle woorde neig om mekaar op te [b]bou.

25 Indien jy by jou naaste leen, moet jy dit wat jy [a]geleen het teruggee; en indien jy hom nie kan terugbetaal nie, moet jy dadelik gaan en jou naaste vertel, sodat hy jou nie veroordeel nie.

26 Indien jy dit vind wat jou naaste [a]verloor het, sal jy ywerig soek totdat jy dit weer aan hom teruggee.

27 Jy moet [a]ywerig wees om dit wat jy het te bewaar, sodat jy ʼn verstandige [b]rentmeester mag wees; want dit is die vrye gawe van die Here jou God, en jy is sy rentmeester.

28 Indien jy opgeruimd is, prys die Here met [a]gesang, met musiek, met dans, en met ʼn [b]gebed van lofprysing en [c]danksegging.

29 Indien jy [a]bedroef is, roep die Here jou God in smeking aan, sodat julle siele hulle mag [b]verbly.

30 Vrees nie jou vyande nie, want hulle is in my hande en Ek sal met hulle doen soos dit My behaag.

31 My volk moet [a]beproef word in alle dinge, sodat hulle voorberei mag word om die [b]heerlikheid wat Ek vir hulle het, te ontvang, naamlik die heerlikheid van Sion; en hy wat nie [c]tugtiging verduur nie, is my koninkryk nie waardig nie.

32 Laat hom wat onkundig is [a]wysheid leer deur homself te [b]verootmoedig en die Here sy God aan te roep, sodat sy oë geopen mag word sodat hy mag sien, en sy ore geopen word sodat hy mag hoor.

33 Want my [a]Gees word uitgestuur die wêreld in om die nederiges en diegene wat verslae is te verlig, en tot die veroordeling van die ongoddelikes.

34 Julle broers het julle en julle getuienis verwerp, naamlik die nasie wat julle [a]uitgedryf het;

35 En nou kom die dag van hulle rampspoed, naamlik die dae van droefheid, soos ʼn vrou wat in haar barensnood geneem is; en hulle droefheid sal groot wees tensy hulle spoedig bekeer, ja, baie spoedig.

36 Want hulle het die profete doodgemaak, en diegene wat na hulle gestuur is; en hulle het onskuldige bloed vergiet, wat vanuit die grond teen hulle roep.

37 Daarom, verwonder julle nie oor hierdie dinge nie, want julle is

---

24 *a* GS Woord van Wysheid.
*b* L&V 108:7.
25 *a* Ps. 37:21; Mosia 4:28. GS Eerlik, Eerlikheid; Skuld.
26 *a* Lev. 6:4; Deut. 22:3.
27 *a* GS Ywer.
*b* GS Rentmeester, Rentmeesterskap.
28 *a* GS Sing.
*b* GS Gebed.
*c* 2 Kron. 5:13; L&V 59:15–16. GS Dank, Dankbaar, Danksegging.
29 *a* 2 Sam. 22:7.
*b* GS Vreugde.
31 *a* L&V 101:4. GS Teenstand.
*b* Rom. 8:18; L&V 58:3–4. GS Heerlikheid.
*c* GS Kasty, Kastyding.
32 *a* GS Wysheid.
*b* GS Nederig, Nederigheid.
33 *a* GS Heilige Gees.
34 *a* GS Vervolg, Vervolging.

nog nie [a]suiwer nie; julle kan nog nie my heerlikheid verduur nie; maar julle sal dit aanskou indien julle getrou is om al my woorde te onderhou wat Ek julle [b]gegee het, vanaf die dae van Adam tot Abraham, vanaf Abraham tot Moses, vanaf Moses tot Jesus en sy apostels, en van Jesus en sy apostels tot Joseph Smith, vir wie Ek geroep het deur my [c]engele, my dienende diensknegte, en deur my eie stem uit die hemele, om my werk voort te bring.

38 Welke fondament hy gelê het, en getrou was; en Ek het hom tot myself geneem.

39 Vele het hulle verwonder vanweë sy dood; maar dit was noodsaaklik dat hy sy [a]getuienis met sy [b]bloed [c]verseël, sodat hy vereer mag word en die bose veroordeel mag word.

40 Het Ek julle nie van julle [a]vyande verlos nie, slegs op so ’n wyse dat Ek ’n getuienis van my Naam agtergelaat het?

41 Nou, daarom, slaan ag, o julle volk van my [a]kerk; en julle ouderlinge luister tesame; julle het my [b]koninkryk ontvang.

42 Wees ywerig om al my gebooie te onderhou, sodat oordele nie oor julle kom nie, en julle geloof julle faal, en julle vyande oor julle triomfeer nie. Dus niks meer op hierdie tydstip nie. Amen en Amen.

# AFDELING 137

*’n Visioen gegee aan Joseph Smith die Profeet, in die tempel te Kirtland, Ohio, 21 Januarie 1836. Die geleentheid was die bediening van ordinansies ter voorbereiding van die toewyding van die tempel.*

*1–6, Die Profeet sien sy broer Alvin in die selestiale koninkryk; 7–9, Die leerstelling van die saligmaking van die dode word geopenbaar; 10, Alle kinders word gered in die selestiale koninkryk.*

DIE [a]hemele is vir ons geopen, en ek het die [b]selestiale koninkryk van God aanskou, en die heerlikheid daarvan, hetsy in die [c]liggaam of uit, kan ek nie sê nie.

2 Ek het die buitengewone skoonheid van die [a]poort waardeur die erfgename van daardie koninkryk sal binnegaan, wat

37 *a* GS Suiwer, Suiwerheid.
*b* Hel. 8:18.
*c* Openb. 14:6; L&V 110:11–16; 128:19–21; JS—G 1:30–47.
39 *a* GS Getuienis.
*b* GS Martelaar, Martelaarskap.
*c* Mosia 17:20; L&V 135:3.
40 *a* Ex. 23:22; L&V 8:4; 105:15.
41 *a* GS Kerk van Jesus Christus.
*b* Dan. 7:27.
**137** 1 *a* Hand. 7:55–56; 1 Ne. 1:8; Hel. 5:45–49; JS—G 1:43.
*b* GS Selestiale Heerlikheid.
*c* 2 Kor. 12:2–4; 1 Ne. 11:1; Moses 1:11.
2 *a* 2 Ne. 9:41; 31:17.

soos omkringende [b]vlamme van vuur was, gesien;
3 Asook die [a]stralende troon van God, waarop die [b]Vader en die [c]Seun gesit het.
4 Ek het die pragtige strate van daardie koninkryk gesien, wat die voorkoms gehad het asof hulle met [a]goud geplavei was.
5 Ek het Vader [a]Adam en [b]Abraham gesien; en my [c]vader en my [d]moeder; my broer [e]Alvin wat lank gelede ontslaap het.
6 En gewonder hoe dit was dat hy 'n [a]erfenis in daardie koninkryk verkry het, aangesien hy die lewe verlaat het voor die Here sy hand uitgesteek het om Israel die [b]tweede keer te versamel, en nie [c]gedoop was vir die vergifnis van sondes nie.
7 Aldus het die [a]stem van die Here tot my gekom, en gesê: Almal wat gesterf het [b]sonder 'n kennis van hierdie evangelie, wat dit sou aanvaar het indien hulle toegelaat was om te vertoef, sal [c]erfgename wees van die [d]selestiale koninkryk van God.
8 Asook al diegene wat voortaan sal sterwe sonder 'n kennis daarvan, wat dit [a]sou aanvaar het met hulle hele hart, sal erfgename van daardie koninkryk wees;
9 Want Ek, die Here, sal alle mense [a]oordeel volgens hulle [b]werke, volgens die [c]begeerte van hulle harte.
10 En ek het ook aanskou dat al die kinders wat sterwe voor hulle die [a]jare van toerekenbaarheid bereik, [b]gered word in die selestiale koninkryk van die hemel.

## AFDELING 138

*'n Visioen gegee aan President Joseph F. Smith te Salt Lake City, Utah, op 3 Oktober 1918. In sy openingstoespraak by die 89ste halfjaarlikse Algemene Konferensie van die Kerk, op 4 Oktober 1918, het*

2 *b* Ex. 24:17; Jes. 33:14–15; Hel. 5:23; L&V 130:7.
3 *a* Jes. 6:1; Eség. 1:26–28.
*b* GS God, Godheid—God die Vader.
*c* GS God, Godheid—God die Seun.
4 *a* Openb. 21:21; L&V 110:2.
5 *a* GS Adam.
*b* L&V 132:29. GS Abraham.
*c* L&V 124:19. GS Smith, Joseph, Snr.
*d* GS Smith, Lucy Mack.
*e* JS—G 1:4.
6 *a* GS Heil vir die Dode.
*b* Jes. 11:11; 1 Ne. 22:10–12; Jakob 6:2. GS Israel—Die versameling van Israel.
*c* Joh. 3:3–5; 2 Ne. 9:23; Ether 4:18–19; L&V 76:50–52; 84:74. GS Doop.
7 *a* Hel. 5:30. GS Openbaring.
*b* JSV 1 Petr. 4:6 (Bylae); 2 Ne. 9:25–26; Mosia 15:24.
*c* L&V 76:50–70.
*d* GS Selestiale Heerlikheid.
8 *a* Alma 18:32; L&V 6:16.
9 *a* Openb. 20:12–13. GS Oordeel, Die Laaste.
*b* GS Werke.
*c* L&V 64:34. GS Hart.
10 *a* GS Toerekenbaar, Toerekenbaarheid.
*b* GS Heil—Heil van kinders.

*President Smith verklaar dat hy verskeie goddelike mededelings gedurende die afgelope maande ontvang het. Een van hulle, rakende die Saligmaker se besoek aan die geeste van die dode terwyl sy liggaam in die grafkelder was, het President Smith die vorige dag ontvang. Dit is onmiddellik geskryf na die afloop van die konferensie. Op 31 Oktober 1918 is dit voorgelê aan die raadgewers in die Eerste Presidensie, die Raad van die Twaalf en die Patriarg, en dit is eenparig deur hulle aangeneem.*

*1–10, President Joseph F. Smith bepeins die geskrifte van Petrus en ons Here se besoek aan die geesteswêreld; 11–24, President Smith sien die regverdige dode byeen in die paradys en Christus se bediening onder hulle; 25–37, Hy sien hoe die prediking van die evangelie georganiseer is onder die geeste; 38–52, Hy sien Adam, Eva, en talle van die heilige profete in die geesteswêreld wat hulle geestestoestand voor hulle opstanding as slawerny beskou het; 53–60, Die regverdige dode van hierdie dag sit hulle arbeid voort in die wêreld van geeste.*

OP die derde Oktober, in die jaar negentienhonderd en agttien, het ek in my kamer gesit en die skrifture [a]bepeins.

2 En terwyl ek nadink oor die groot [a]soenoffer wat gemaak is deur die Seun van God vir die [b]verlossing van die wêreld;

3 En die groot en wonderbaarlike [a]liefde wat geopenbaar is deur die Vader en die Seun deur die koms van die [b]Verlosser na die wêreld;

4 Sodat deur sy [a]versoening, en deur [b]gehoorsaamheid aan die beginsels van die evangelie, die mensdom gered mag word.

5 Terwyl ek aldus besig was, het my gedagtes teruggekeer na die geskrifte van die apostel Petrus, aan die [a]eertydse heiliges wat oraloor versprei is deur [b]Pontus, Galásië, Kappadócië, en ander dele van Asië, waar die evangelie gepredik was na die kruisiging van die Here.

6 Ek het die Bybel oopgemaak en die derde en vierde hoofstukke van die eerste brief van Petrus gelees, en terwyl ek gelees het, was ek grootliks beïndruk, meer as wat ek ooit tevore was, met die volgende gedeeltes:

7 "Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, die regverdige vir die onregverdiges, sodat Hy ons tot God mag bring, wat gedood is na die vlees, maar lewend gemaak is deur die Gees;

**138** 1*a* GS Peins.
2*a* Matt. 20:28. GS Versoen, Versoening.
*b* GS Plan van Verlossing.
3*a* Joh. 3:16. GS Liefde.
*b* GS Verlosser.
4*a* Gel. Art. 1:3.
*b* Matt. 7:21. GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
5*a* DI heiliges van die vroeëre dae.
*b* 1 Petr. 1:1.

8 "Deur wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die [a]gevangenis,

9 "Wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is;" (1 Petrus 3:18–20.)

10 "Want daarom is die evangelie ook aan die dode verkondig, sodat hulle wel geoordeel kan word volgens die mens in die vlees, maar lewe na God in die gees." (1 Petrus 4:6.)

11 Terwyl ek hierdie dinge bepeins het wat [a]geskryf is, is die [b]oë van my begrip geopen, en die Gees van die Here het op my [c]gerus, en ek het die leërskare van die [d]dode gesien, beide klein en groot.

12 En daar was in een plek 'n ontelbare skare van die geeste van die [a]regverdiges byeen, wat [b]getrou was aan die getuienis van Jesus terwyl hulle in sterflikheid gelewe het;

13 En wat 'n [a]offerande geoffer het in die versinnebeelding van die groot offer van die Seun van God, en beproewing [b]gely het in hulle Verlosser se Naam.

14 Al hierdie het die sterflike lewe verlaat, vas in die [a]hoop van 'n heerlike [b]opstanding, deur die [c]genade van God die [d]Vader en sy [e]Eniggebore Seun, Jesus Christus.

15 Ek het gesien dat hulle gevul was met [a]vreugde en blydskap, en het tesame verheug omdat die dag van hulle verlossing op hande was.

16 Hulle was byeen, wagtend op die koms van die Seun van God na die [a]geesteswêreld, om hulle verlossing van die [b]bande van die dood aan te kondig.

17 Hulle slapende stof sou tot sy volmaakte gestalte [a]herstel word, [b]been tot sy been, en die senings en die vlees op hulle, die [c]gees en die liggaam om te herenig om nooit weer geskei te word nie, sodat hulle 'n volheid van [d]vreugde mag ontvang.

18 Terwyl hierdie groot skare gewag en gesels het, en hulle hul verbly het in die uur van hulle verlossing van die kettings van die dood, het die Seun van God verskyn, en [a]bevryding aan die gevangenes verkondig wat getrou was.

19 En daar het Hy aan hulle die ewigdurende [a]evangelie

8*a* Jes. 61:1; Lk. 4:18; L&V 76:73–74; 88:99.
11*a* GS Skrifture—Waarde van die skrifture.
*b* Efés. 1:18; L&V 76:10, 12, 19.
*c* Jes. 11:2.
*d* GS Gees.
12*a* L&V 76:69–70.
*b* L&V 6:13; 51:19; 76:51–53.
13*a* GS Opoffer.
*b* Matt. 5:10–12.
14*a* Ether 12:4; Moro. 7:3, 40–44. GS Hoop.
*b* GS Opstanding.
*c* GS Genade.
*d* GS God, Godheid—God die Vader.
*e* GS Eniggeborene.
15*a* Jes. 51:11; Alma 40:12.
16*a* Lk. 23:43; Alma 40:11–12. GS Paradys.
*b* Morm. 9:13.
17*a* 2 Ne. 9:10–13.
*b* Eség. 37:1–14.
*c* L&V 93:33–34.
*d* GS Vreugde.
18*a* Jes. 61:1. GS Heil vir die Dode.
19*a* GS Evangelie.

[b]gepreek, die leerstelling van die opstanding en die verlossing van die mensdom van die [c]val, en van individuele sondes op voorwaardes van [d]bekering.

20 Maar na die [a]bose het Hy nie gegaan nie, en onder die ongoddelikes en die onbekeerdes wat hulleself [b]verontreinig het terwyl in die vlees, was sy stem nie verhef nie;

21 Nóg het die rebelses wat die getuienisse en die waarskuwings van die antieke profete verwerp het sy teenwoordigheid aanskou, nóg sy aangesig gesien.

22 Waar hulle was, het die [a]duisternis geheers, maar onder die regverdiges was daar [b]vrede;

23 En die heiliges het hulle verheug in hulle [a]verlossing, en het die [b]knie gebuig en die Seun van God erken as hulle Verlosser en Redder van die dood en die [c]kettings van die hel.

24 Hulle aangesigte het geblink, en die [a]uitstraling van die teenwoordigheid van die Here het op hulle gerus en hulle het lofliedere tot sy heilige Naam [b]gesing.

25 Ek het my verwonder, want ek het verstaan dat die Saligmaker ongeveer drie jaar in sy bediening deurgebring het onder die Jode en hulle van die huis van Israel, en gepoog het om hulle die ewigdurende evangelie te leer en hulle tot bekering te roep;

26 En tog, nieteenstaande sy magtige werke, en wonderwerke, en verkondiging van die waarheid, met groot [a]mag en gesag, was daar maar slegs ′n paar wat ag geslaan het op sy stem, en hulle verheug het in sy teenwoordigheid, en verlossing vanuit sy hande ontvang het.

27 Maar sy bediening onder diegene wat dood is, was beperk tot die [a]kort tydperk tussen die kruisiging en sy opstanding.

28 En ek het my verwonder oor die woorde van Petrus—waarin hy gesê het dat die Seun van God gepreek het vir die geeste in die gevangenis, wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God gewag het in die dae van Noag—en hoe dit moontlik was vir hom om vir daardie geeste te preek en die nodige arbeid te verrig onder hulle in so ′n kort tydperk.

29 En terwyl ek my verwonder, is my oë geopen, en my begrip [a]verlewendig, en het ek besef dat die Here nie persoonlik onder die bose en die ongehoorsames wat die waarheid verwerp het, gegaan het om hulle te leer nie;

19 *b* L&V 76:72–74.
*c* GS Val van Adam en Eva.
*d* GS Bekeer, Bekering.
20 *a* Alma 40:13–14. GS Boos, Boosheid; Hel.
*b* 1 Ne. 10:21.
22 *a* GS Duisternis, Geestelike.
*b* GS Vrede.
23 *a* GS Plan van Verlossing.
*b* Rom. 14:11; Mosia 27:31.
*c* 2 Ne. 1:13; Alma 12:11.
24 *a* Ps. 104:1–2; Jes. 60:19; Openb. 22:5; JS—G 1:17. GS Lig, Lig van Christus.
*b* GS Sing.
26 *a* 1 Ne. 11:28.
27 *a* Mark. 8:31.
29 *a* L&V 76:12.

30 Maar kyk, van onder die regverdiges, het Hy sy magte georganiseer en boodskappers aangestel, beklee met [a]mag en gesag, en hulle opgedra om uit te gaan en die lig van die evangelie te dra na hulle wat in die [b]duisternis was, en wel aan [c]al die geeste van mense; en so is die evangelie aan die dode gepreek.

31 En die gekose boodskappers het uitgegaan om die [a]aanvaarbare dag van die Here aan te kondig en [b]bevryding te verkondig aan die gevangenes wat gebind was, naamlik aan almal wat sou bekeer van hulle sondes en die evangelie aanvaar.

32 So is die evangelie gepreek aan al diegene wat in hulle sondes [a]gesterwe het, sonder ʼn [b]kennis van die evangelie, of in oortreding, omdat hulle die profete verwerp het.

33 Hulle is [a]geloof in God geleer, bekering van sonde, [b]plaasvervangende doop vir die [c]vergifnis van sondes, die [d]gawe van die Heilige Gees deur die oplegging van hande,

34 En alle ander beginsels van die evangelie wat noodsaaklik was vir hulle om te weet om hulleself te kwalifiseer sodat hulle [a]geoordeel mag word volgens die mens in die vlees, maar lewe volgens God in die gees.

35 En so is dit bekendgemaak onder die dode, beide klein en groot, die onregverdiges sowel as die gelowiges, dat verlossing teweeg gebring is deur die [a]offerande van die Seun van God aan die [b]kruis.

36 Aldus is dit bekendgemaak dat ons Verlosser sy tyd gedurende sy verblyf in die wêreld van geeste, deurgebring het met die onderrig en voorbereiding van die getroue geeste van die [a]profete wat van Hom in die vlees getuig het;

37 Sodat hulle die boodskap van verlossing mag oordra na al die dode, na wie Hy nie persoonlik kon gaan nie, vanweë hulle [a]rebelsgesindheid en oortreding, sodat hulle deur die bediening van sy diensknegte ook sy woorde mag hoor.

38 Onder die groot en magtiges wat versamel was in hierdie buitengewone groot samekoms van die regverdiges was Vader [a]Adam, die Oue van Dae en vader van almal,

30*a* Lk. 24:49.
*b* GS Duisternis, Geestelike.
*c* L&V 1:2.
31*a* Jes. 61:2; Lk. 4:17–19.
*b* GS Vry, Vryheid.
32*a* Joh. 8:21–24.
*b* L&V 128:5. GS Kennis.
33*a* Gel. Art. 1:4. GS Geloof, Glo.
*b* GS Doop—Doop vir die dode; Ordinansies—Plaasvervangende ordinansies.
*c* GS Vergifnis van Sondes.
*d* GS Gawe van die Heilige Gees.
34*a* GS Oordeel, Die Laaste.
35*a* Alma 34:9–16. GS Opoffer; Versoen, Versoening.
*b* GS Kruis; Kruisiging.
36*a* L&V 138:57.
37*a* L&V 138:20. GS Rebellie.
38*a* GS Adam.

39 En ons wonderlike Moeder
[a]Eva, met vele van haar getroue
dogters wat deur die eeue gelewe
het en die ware en lewende God
aanbid het.
40 [a]Abel, die eerste [b]martelaar,
was daar, en sy broer [c]Set, een van
die magtiges, wat na die presiese
[d]gelykenis van sy vader, Adam,
was.
41 [a]Noag, wat waarskuwing gegee het oor die vloed; [b]Sem, die
groot [c]hoëpriester; [d]Abraham, die
vader van die gelowiges; [e]Isak,
[f]Jakob, en [g]Moses, die groot wetgewer van Israel;
42 En [a]Jesaja, wat deur profesie
verklaar het dat die Verlosser gesalf is om die gebrokenes van hart
te verbind, om bevryding te verkondig aan die [b]gevangenes, en
die [c]gevangenis te open vir hulle
wat gebonde was, was ook daar.
43 En verder, [a]Eségiël, wat in ’n
visioen die groot vallei van [b]droë
beendere getoon is, wat met vlees
beklee sou word, om weer voort
te kom in die [c]opstanding van die
dode, lewende siele;
44 [a]Daniël, wat die vestiging
van die [b]koninkryk van God in
die laaste dae vooruitgesien en
voorspel het om nooit weer vernietig te word nie, nóg aan ander
volke gegee te word;
45 [a]Elía, wat met Moses was op
die Berg van [b]Transfigurasie;
46 En [a]Maleági, die profeet wat
getuig het van die koms van
[b]Elía—van wie Moroni ook met
die Profeet Joseph Smith gespreek
het, en verklaar het dat hy sou
kom voor die inluiding van die
groot en vreeslike [c]dag van die
Here—was ook daar.
47 Die Profeet Elía moes die beloftes wat aan hulle vaders gemaak is in die [a]harte van die
kinders plant,
48 Wat die groot [a]werk wat in
die [b]tempels van die Here gedoen moet word in die [c]tydvak
van die volheid van tye voorafskadu, vir die verlossing van die
dode, en die [d]verseëling van die
kinders aan hulle ouers, sodat die
hele aarde nie getref word met ’n
vloek en volkome verwoes word
by sy koms nie.
49 Hulle almal en vele meer,

39*a* Moses 4:26. GS Eva.
40*a* GS Abel.
*b* GS Martelaar, Martelaarskap.
*c* GS Set.
*d* Gén. 5:3; Moses 6:10.
41*a* GS Noag, Bybelse Patriarg.
*b* GS Sem.
*c* GS Hoëpriester.
*d* Gén. 17:1–8. GS Abraham.
*e* Gén. 21:1–5. GS Isak.
*f* Gén. 35:9–15. GS Jakob, Seun van Isak.
*g* GS Moses.
42*a* GS Jesaja.
*b* Jes. 61:1–2.
*c* GS Hel.
43*a* GS Eségiël.
*b* Eség. 37:1–14.
*c* GS Opstanding.
44*a* GS Daniël.
*b* Dan. 2:44–45. GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
45*a* GS Elías.
*b* GS Transfigurasie.
46*a* Mal. 4:5–6; JS—G 1:36–39. GS Maleági.
*b* L&V 110:13–15. GS Elía.
*c* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
47*a* L&V 128:17.
48*a* GS Heil vir die Dode.
*b* GS Tempel, Huis van die Here.
*c* GS Tydvak.
*d* GS Gesin—Ewige gesin; Verseël, Verseëling.

naamlik die [a]profete wat onder die Nefiete gewoon en getuig het van die koms van die Seun van God, het gemeng in die buitengewoon groot samekoms en op hulle bevryding gewag,

50 Want die dode het die lang afwesigheid van hulle [a]geeste van hulle liggame as ’n [b]slawerny beskou.

51 Húlle is deur die Here onderrig, en [a]mag gegee om uit te kom, na sy opstanding van die dood, om sy Vader se koninkryk binne te gaan, om daar gekroon te word met [b]onsterflikheid en die [c]ewige lewe,

52 En sal dan voortgaan met hulle arbeid soos beloof deur die Here, en deelgenote wees van alle [a]seëninge wat teruggehou is vir diegene wat Hom liefhet.

53 Die Profeet Joseph Smith, en my vader Hyrum Smith, Brigham Young, John Taylor, Wilford Woodruff, en ander uitnemende geeste wat [a]teruggehou is om na vore te kom in die volheid van tye om deel te neem in die [b]grondlegging van die groot werk van die laaste dae.

54 Insluitende die bou van tempels en die verrigting van ordinansies daarin vir die verlossing van die [a]dode, was ook in die geesteswêreld.

55 Ek het waargeneem dat hulle ook onder die [a]adellikes en grotes was wat in die begin [b]gekies is om heersers te wees in die Kerk van God.

56 Selfs voor hulle gebore was, het hulle, saam met vele andere hulle eerste lesse in die wêreld van geeste ontvang en was [a]voorberei om na vore te kom in die bepaalde [b]tyd van die Here om te arbei in sy [c]wingerd vir die heil van die siele van mense.

57 Ek het waargeneem dat die getroue [a]ouderlinge van hierdie tydvak, wanneer hulle vertrek van die sterflike lewe, hulle arbeid voortsit deur die prediking van die evangelie van bekering en verlossing, deur die offer van die Eniggebore Seun van God, onder diegene wat in die [b]duisternis en onder die slawerny van sonde verkeer in die groot wêreld van die geeste van die dode.

58 Die dode wat bekeer sal [a]verlos word deur gehoorsaamheid aan die [b]ordinansies van die huis van God,

59 En nadat hulle die prys betaal

49 *a* Hel. 8:19–22.
50 *a* GS Gees.
*b* L&V 45:17.
51 *a* 1 Kor. 6:14; Alma 40:19–21.
*b* GS Onsterflik, Onsterflikheid.
*c* L&V 29:43. GS Ewige Lewe.
52 *a* Jes. 64:4; 1 Kor. 2:9; L&V 14:7.
53 *a* GS Voorafverordinering.
*b* L&V 64:33.
54 *a* GS Ordinansies—Plaasvervangende ordinansies.
55 *a* Abr. 3:22–24.
*b* GS Voorafverordinering.
56 *a* Job 38:4–7; Alma 13:3–7.
*b* Hand. 17:24–27.
*c* Jakob 6:2–3. GS Wingerd van die Here.
57 *a* GS Ouderling.
*b* GS Hel.
58 *a* GS Verlos, Verlossing.
*b* GS Ordinansies.

het vir hulle oortredings, en rein [a]gewas is, sal hulle 'n loon ooreenkomstig hulle [b]werke ontvang, want hulle is erfgename van heil.
60 Aldus is die visioen van die verlossing van die dode aan my geopenbaar, en ek lewer getuienis, en ek weet dat die verslag [a]waar is, deur die seën van ons Here en Saligmaker, Jesus Christus, dit is so. Amen.

59 *a* Alma 5:17–22. GS Vergewe.
*b* GS Werke.
60 *a* GS Waarheid.

# AMPTELIKE VERKLARING 1

*Die Bybel en die Boek van Mormon leer dat monogamie God se standaard vir die huwelik is tensy Hy andersins verklaar (sien 2 Samuel 12:7–8 en Jakob 2:27, 30). Ná 'n openbaring aan Joseph Smith, is die praktyk van die veelvoudige huwelik ingestel onder Kerklede in die vroeë 1840s (sien afdeling 132). Van die 1860s tot die 1880s het die regering van die Verenigde State wette ingestel wat hierdie godsdienstige praktyk onwettig gemaak het. Hierdie wette is uiteindelik deur die V.S. Hooggeregshof gehandhaaf. Na die ontvangs van openbaring het President Wilford Woodruff die volgende Manifes uitgereik, wat deur die Kerk aanvaar is as gesaghebbend en bindend op 6 Oktober 1890. Dit het gelei tot die einde van die praktyk van die veelvoudige huwelik in die Kerk.*

Aan Alle Belanghebbendes

Persberigte wat weens politieke redes van Salt Lake City gestuur is, wat wyd en syd gepubliseer is, te dien effekte dat die Utah-kommissie, in hul onlangse verslag aan die Sekretaris van Binnelandse Sake, beweer dat meervoudige huwelike nog steeds voltrek word en dat veertig of meer sodanige huwelike aangegaan is in Utah sedert Junie verlede jaar of gedurende die afgelope jaar, asook dat die leiers van die Kerk in openbare besprekings geleer het dat die voortsetting van die praktyk van poligamie aangemoedig en aangespoor moet word—

Daarom verklaar ek as President van die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae op die plegtigste wyse dat hierdie aanklagte vals is. Ons predik nie poligamie of meervoudige huwelike nie, nóg laat ons toe dat enige persoon hierdie praktyk beoefen, en ek ontken dat nóg veertig nóg enige ander getal meervoudige huwelike

gedurende daardie tydperk in ons Tempels of enige ander plek in die Gebied voltrek is.

Een geval is aangemeld waarin die partye beweer dat die huwelik aangegaan is in die Endowment House [Huis van Begiftiging], in Salt Lake City, in die lente van 1889, maar ek was nie in staat om uit te vind wie die seremonie uitgevoer het nie; wat ook al in hierdie saak geskied het was sonder my kennis. As gevolg van hierdie beweerde voorval is die Endowment House, op my bevel, sonder versuim afgebreek.

In soverre wette deur die Kongres uitgevaardig is wat meervoudige huwelike verbied, welke wette beskou word as grondwetlik deur die hof van die laaste toevlug, verklaar ek hierdeur my voorneme om my aan daardie wette te onderwerp, en om my invloed te gebruik by die lede van die Kerk oor wie ek presideer om hulle dieselfde te laat doen.

Daar is niks in my leringe aan die Kerk of in dié van my kollegas, gedurende die aangeduide tyd, wat redelikerwys geïnterpreteer kan word om poligamie te bevorder of aan te moedig nie; en wanneer enige Ouderling van die Kerk taal gebruik het wat skynbaar enige sodanige leerstelling oordra, is hy spoedig vermaan. En nou verklaar ek in die openbaar dat my raad aan die Heiliges van die Laaste Dae is om hulle te weerhou om enige huwelik aan te gaan wat verbied is deur die wette van die land.

Wilford Woodruff
President van die Kerk van Jesus Christus
van die Heiliges van die Laaste Dae.

President Lorenzo Snow het die volgende voorgelê:

"Ek stel voor dat, omdat ons Wilford Woodruff aanvaar as die President van die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, en die enigste man op die aarde is op die huidige oomblik wat die sleutels hou van die verseëlende ordinansies, ons hom beskou ten volle gemagtig uit hoofde van sy posisie om die Manifes uit te vaardig wat in ons gehoor gelees is, en wat gedateer is 24 September 1890, en dat as 'n Kerk byeen in Algemene Konferensie, aanvaar ons sy verklaring aangaande meervoudige huwelike as gesaghebbend en bindend."

Salt Lake City, Utah, 6 Oktober 1890.

## UITTREKSELS UIT DRIE TOESPRAKE DEUR PRESIDENT WILFORD WOODRUFF BETREFFENDE DIE MANIFES

Die Here sal nooit toelaat dat ek of enige ander man wat staan as President van hierdie Kerk julle op ’n dwaalspoor lei nie. Dit is nie deel van die plan nie. Dit is nie in die verstand van God nie. Indien ek dit sou probeer, sou die Here my uit my plek verwyder, en so sal Hy doen met enige ander man wat die kinders van mense op ’n dwaalspoor probeer lei van die openbarings van God en van hulle plig. (Een en sestigste Sesmaandelikse Algemene Konferensie van die Kerk, Maandag 6 Oktober 1890, Salt Lake City, Utah. Berig in die *Deseret Evening News,* 11 Oktober 1890, bl. 2.)

Dit maak nie saak wie lewe of sterwe nie, of wie geroep word om hierdie Kerk te lei nie, hulle moet dit lei deur die inspirasie van Almagtige God. Indien hulle dit nie op daardie wyse doen nie, kan hulle dit hoegenaamd nie doen nie. . . .

Ek het onlangs verskeie openbarings gehad, en baie belangrikes vir my, en ek sal vir julle vertel wat die Here vir my gesê het. Laat my toe om julle gedagtes te vestig op wat die manifes genoem word. . . .

Die Here het vir my gesê om die Heiliges van die Laaste Dae ’n vraag te vra, en Hy het ook vir my gesê dat indien hulle sou luister na wat ek vir hulle gesê het en die vraag wat aan hulle gestel is, beantwoord het deur die Gees en mag van God, sou hulle almal dieselfde antwoord gee, en hulle sou almal dieselfde glo met betrekking tot hierdie saak.

Die vraag is dit: Wat is die wysste koers vir die Heiliges van die Laaste Dae om te volg—om aan te hou om te poog om meervoudige huwelike te leef, met die wette van die nasie daarteen en die teenstand van sestig miljoen mense, en ten koste van die konfiskering en verlies van al die Tempels, en die staking van al die ordinansies daarin, beide vir die lewendes en die dode, en die gevangeneming van die Eerste Presidensie en Twaalf en die hoofde van families in die Kerk, en die konfiskering van die persoonlike besittings van die mense (alles wat vanself dié praktyk sal beëindig); of, nadat ons gedoen en gely het deur ons getrouheid aan hierdie beginsel om die praktyk te beëindig en aan die wet te onderwerp, en sodoende die Profete, Apostels en vaders by die huis laat bly, sodat hulle die volk kan onderrig en na die pligte van die Kerk omsien, en ook die Tempels in die hande van die Heiliges laat, sodat hulle kan omsien na die ordinansies van die Evangelie, beide vir die lewendes en die dode?

Die Here het deur visioen en openbaring aan my getoon presies wat sou plaasvind indien ons nie hierdie praktyk staak nie. Indien ons dit nie gestaak het nie, sou julle geen nut gehad het vir . . . enige van die mans in hierdie tempel te Logan nie; want al die ordinansies sou gestaak word regdeur die land Sion. Verwarring sou heers regdeur Israel en talle mans sou gevangenes gemaak word. Hierdie ramp sou oor die hele Kerk gekom het en ons sou verplig gewees het om die praktyk te staak. Die vraag is nou of dit op hierdie wyse gestaak moet word, of op die wyse wat die Here aan ons geopenbaar het, en ons Profete en Apostels en vaders vry manne gelaat word, en die tempels in die hande van die volk, sodat die dode verlos mag word. ’n Groot aantal is alreeds deur hierdie volk verlos van die gevangenis in die geesteswêreld, en sal die werk voortgaan of gestaak word? Dit is die vraag wat ek voor die Heiliges van die Laaste Dae lê. Julle moet vir julleself oordeel. Ek wil hê dat julle dit vir julleself moet beantwoord. Ek sal dit nie beantwoord nie; maar ek sê vir julle dat dit presies die toestand is waarin ons as ’n volk sou wees indien ons nie die koers gevolg het wat ons wel gedoen het nie.

. . . ek het presies gesien wat sou gebeur indien daar nie iets gedoen word nie. Ek het hierdie gees oor my gehad vir ’n lang tydperk. Maar ek wil dit sê: Ek sou al die

tempels uit ons hande laat gaan het; ek sou self gevangenis toe gegaan het, en toegelaat het dat elke ander man daarheen gaan, indien die God van die hemel my nie gebied het om te doen wat ek wel gedoen het nie; en toe die uur kom, wat ek gebied was om dit te doen, was alles vir my duidelik. Ek het voor die Here gegaan, en ek het dit geskryf wat die Here my aangesê het om te skryf. . .

Ek laat dit met julle, vir julle om te oordink en te oorweeg. Die Here is besig om met ons te werk. (Cache Penkonferensie, Logan, Utah, Sondag 1 November 1891. Berig in die *Deseret Weekly*, 14 November 1891.)

Nou sal ek vir julle vertel wat aan my geopenbaar is en wat die Seun van God verrig het in hierdie ding. . . . Al hierdie dinge sou gebeur het, soos God Almagtig lewe, indien daardie Manifes nie gegee is nie. Daarom het die Seun van God geneigd gevoel om daardie ding aan die Kerk en die wêreld voor te lê vir doeleindes van sy eie verstand. Die Here het die vestiging van Sion beveel. Hy het die voltooiing van hierdie tempel beveel. Hy het beveel dat die heil van die lewendes en die dode in hierdie valleie van die berge gegee moet word. En Almagtige God het verorden dat die Duiwel dit nie sou verydel nie. Indien julle dit kan verstaan, is dit ʼn sleutel daartoe. (Uit ʼn toespraak tydens die sesde sessie van die toewyding van die Salt Lake-tempel, April 1893. Getikte Verslag van Toewydingsdienste, Argiewe, Departement van Kerkgeskiedenis, Salt Lake City, Utah.)

# AMPTELIKE VERKLARING 2

*Die Boek van Mormon leer dat "almal gelyk is voor God", insluitend "swart en wit, slaaf en vryman, man en vrou" (2 Nefi 26:33). Regdeur die geskiedenis van die Kerk is mense van elke ras en etniese groep in baie lande gedoop en het geleef as getroue lede van die Kerk. Gedurende Joseph Smith se leeftyd is ʼn paar swart manlike lede van die Kerk geordineer tot die priesterskap. Vroeg in sy geskiedenis het Kerkleiers opgehou om die priesterskap aan swart mans van Afrika-afkoms toe te ken. Kerkrekords bied nie duidelike insigte in die oorsprong van hierdie praktyk nie. Kerkleiers het geglo dat ʼn openbaring van God nodig was om hierdie praktyk te verander en het in gebed leiding gesoek. Die openbaring het na Kerkpresident Spencer W. Kimball gekom en is bevestig aan ander Kerkleiers in die Salt Lake-tempel op 1 Junie 1978. Die openbaring het alle beperkings met betrekking tot ras wat eens toegepas was op die priesterskap verwyder.*

Aan Alle Belanghebbendes

Op 30 September 1978, tydens die 148ste Sesmaandelikse Algemene Konferensie van die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, is die volgende deur President N. Eldon Tanner, Eerste Raadgewer in die Eerste Presidensie van die Kerk voorgelê:

Vroeg in Junie hierdie jaar het die Eerste Presidensie aangekondig dat ′n openbaring ontvang is deur President Spencer W. Kimball wat priesterskap- en tempelseëninge toeganklik maak vir alle waardige manlike lede van die Kerk. President Kimball het versoek dat ek die konferensie inlig dat nadat hy hierdie openbaring ontvang het, wat na hom gekom het na langdurige oordenking en gebed in die heilige kamers van die heilige tempel, hy dit aan sy raadgewers voorgelê het wat dit aanvaar en goedgekeur het. Dit is toe aan die Kworum van die Twaalf Apostels voorgelê wat dit eenparig aanvaar het, en is vervolgens aan al die ander Algemene Gesagsdraers voorgelê wat dit insgelyks eenparig goedgekeur het.

President Kimball het versoek dat ek nou hierdie brief voorlees:

8 Junie 1978
Aan alle algemene en plaaslike priesterskapampsdraers van die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae dwarsdeur die wêreld:

Geagte Broers

Terwyl ons die uitbreiding van die werk van die Here oor die aarde aanskou het, is ons dankbaar dat mense van vele nasies gereageer het op die boodskap van die herstelde evangelie en in steeds toenemende getalle by die Kerk aangesluit het. Op sy beurt het dit ons geïnspireer met ′n begeerte om aan elke waardige lid van die Kerk toegang te gee tot al die voorregte en seëninge wat die evangelie bied.

Bewus van die beloftes gemaak deur die profete en presidente van die Kerk wat ons voorafgegaan het dat op een of ander tyd, in God se ewige plan, al ons broers wat waardig is die priesterskap mag ontvang, en die getrouheid van diegene van wie die priesterskap weerhou is, waargeneem het, het ons lank en ernstig ten behoewe van hulle gepleit, ons getroue broers, en vele ure in die Bo-kamer van die Tempel deurgebring en die Here gesmeek om goddelike leiding.

Hy het ons gebede verhoor, en het deur openbaring bevestig dat die langbeloofde dag gekom het wanneer elke getroue, waardige man in die Kerk die heilige priesterskap mag ontvang, met mag om die goddelike gesag daarvan uit te oefen, en saam met sy geliefdes elke seëning wat daaruit voortvloei te geniet, insluitende die seëninge van die tempel. Daarom mag alle waardige manlike lede van die Kerk georden word tot die priesterskap sonder inagneming van ras of kleur. Priesterskapleiers word opdrag gegee om die beleid te volg om met alle kandidate vir ordinering tot óf die Aäroniese óf die Melgisédekse

priesterskap sorgvuldige onderhoude te voer om te verseker dat hulle aan die vereisde standaarde van waardigheid voldoen.

Ons verklaar met alle erns dat die Here nou sy wil bekendgemaak het vir die seëning van al sy kinders dwarsdeur die aarde wat wil ag slaan op die stem van sy gevolmagtigde diensknegte en hulleself voorberei om elke seëning van die evangelie te ontvang.

Die uwe

SPENCER W. KIMBALL
N. ELDON TANNER
MARION G. ROMNEY

Die Eerste Presidensie

Aangesien ons Spencer W. Kimball as die profeet, siener, en openbaarder, en president van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae erken, word dit voorgestel dat ons as ′n gekonstitueerde byeenkoms hierdie openbaring aanvaar as die woord en wil van die Here. Al diegene ten gunste, dui dit aan deur u regterhand omhoog te lig. Enigeen daarteen met dieselfde teken.

Die stemming om die voorafgaande mosie te onderskraag was eenparig bevestigend.

Salt Lake City, Utah, 30 September 1978.

DIE

# PÊREL VAN GROOT WAARDE

'N SELEKSIE UIT DIE OPENBARINGS, VERTALINGS EN UITEENSETTINGS VAN JOSEPH SMITH

EERSTE PROFEET, SIENER EN OPENBAARDER VAN DIE KERK VAN JESUS CHRISTUS VAN DIE HEILIGES VAN DIE LAASTE DAE

# INHOUD


Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . v

Moses . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1

Abraham . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 35

Faksimilee 1 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 36

Faksimilee 2 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 44

Faksimilee 3 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 51

Joseph Smith—Matthéüs . . . . . . . . . . . . . . 53

Joseph Smith—Geskiedenis . . . . . . . . . . . . . 57

Geloofsartikels . . . . . . . . . . . . . . . . . . 75

# INLEIDING

Die Pêrel van Groot Waarde is ʼn seleksie van belangrike materiaal wat baie betekenisvolle aspekte van die geloof en leerstellings van die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae raak. Hierdie items is deur die Profeet Joseph Smith vertaal en voortgebring en die meeste daarvan is in die kerklike publikasies van sy tyd gepubliseer.

Die eerste versameling van materiaal wat die Pêrel van Groot Waarde genoem is, is in 1851 deur Ouderling Franklin D. Richards, destyds ʼn lid van die Raad van die Twaalf en president van die Britse Sending, gemaak. Die doel daarmee was om sommige belangrike artikels wat ʼn beperkte sirkulasie in die tyd van Joseph Smith gehad het meer geredelik toeganklik te maak. Soos die kerklidmaatskap regdeur Europa en Amerika toegeneem het, was daar ʼn behoefte om hierdie items beskikbaar te maak. Die Pêrel van Groot Waarde is oral gebruik en het vervolgens ʼn standaardwerk van die Kerk geword deur die toedoen van die Eerste Presidensie en die algemene konferensie in Salt Lake City op 10 Oktober 1880.

Verskeie hersienings aan die inhoud is gemaak soos die behoeftes van die Kerk dit vereis het. In 1878 is sekere gedeeltes van die boek van Moses wat nie in die eerste uitgawe vervat is nie, bygevoeg. In 1902 is sekere gedeeltes van die Pêrel van Groot Waarde, wat materiaal dupliseer wat ook in die Leer en Verbonde gepubliseer was, uitgelaat. Verdeling in hoofstukke en verse is in 1902 gedoen. Die eerste publikasie in dubbelkolom bladsye, met indeks, was in 1921. Geen ander veranderings is gemaak tot April 1976, toe twee items van openbaring bygevoeg is nie. In 1979 is hierdie items van die Pêrel van Groot Waarde verwyder en in die Leer en Verbonde geplaas, waar hulle nou verskyn as afdelings 137 en 138. In die huidige uitgawe moes sekere veranderings aangebring word om die teks in ooreenstemming te bring met vroeëre dokumente.

Die volgende is ʼn beknopte inleiding tot die huidige inhoud:

1. *Seleksies uit die Boek van Moses.* ʼn Uittreksel vanuit die Boek van Génesis van Joseph Smith se vertaling van die Bybel, wat hy in Junie 1830 begin het.
2. *Die Boek van Abraham.* ʼn Geïnspireerde vertaling van die skrywes van Abraham. Joseph Smith het die vertaling in 1835 begin nadat hy sommige Egiptiese papiri bekom het. Die vertaling is in aflewerings in die *Times and Seasons* [Tye en Seisoene] gepubliseer, beginnende op 1 Maart 1842, te Nauvoo, Illinois.

3. *Joseph Smith—Matthéüs.* ′n Uittreksel vanuit die getuienis in Joseph Smith se vertaling van die Bybel (sien Leer en Verbonde 45:60–61 vir die goddelike opdrag om te begin met die vertaling van die Nuwe Testament).
4. *Joseph Smith—Geskiedenis.* Uittreksels vanuit Joseph Smith se amptelike getuienis en geskiedenis wat hy en sy skrywers voorberei het in 1838–1839 en wat in aflewerings in die *Times and Seasons* [Tye en Seisoene] in Nauvoo, Illinois gepubliseer is, beginnende op 15 Maart 1842.
5. *Die Geloofsartikels van die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae.* ′n Verklaring deur Joseph Smith gepubliseer in die *Times and Seasons* op 1 Maart 1842 tesame met ′n kort geskiedenis van die Kerk wat algemeen as die Wentworth-brief bekend was.

SELEKSIES UIT DIE

# BOEK VAN MOSES

*'n Uittreksel van die vertaling van die Bybel soos geopenbaar aan Joseph Smith die Profeet, Junie 1830–Februarie 1831.*

## HOOFSTUK 1
(Junie 1830)

*God openbaar Homself aan Moses—Moses word getransfigureer—Hy word gekonfronteer deur Satan—Moses sien baie bewoonde wêrelde—Wêrelde sonder tal is geskep deur die Seun—God se werk en heerlikheid is om die onsterflikheid en die ewige lewe van die mens teweeg te bring.*

DIE woorde van God wat hy
tot [a]Moses [b]gespreek het op
'n tydstip toe Moses geneem is
op 'n uitermate hoë berg,
2 En hy het God van [a]aangesig
tot aangesig [b]gesien, en hy het
met Hom gespreek, en die [c]heerlikheid van God was op Moses;
daarom kon Moses sy teenwoordigheid [d]verduur.
3 En God het tot Moses gespreek,
en gesê: Kyk, Ek is die Here God
[a]Almagtig, en [b]Eindeloos is my
Naam; want Ek is sonder begin
van dae of einde van jare; en is
dit nie eindeloos nie?
4 En kyk, jy is my seun; daarom,
[a]kyk, en Ek sal aan jou die werk
van my [b]hande toon; maar nie alles nie, want my [c]werke is sonder
[d]einde, en ook my [e]woorde, want
hulle hou nooit op nie.
5 Daarom, niemand kan al my
werke aanskou nie, tensy hy al
my heerlikheid aanskou; en niemand kan al my heerlikheid aanskou en daarna in die vlees op die
aarde bly nie.
6 En Ek het 'n taak vir jou, Moses, my seun; en jy is in die [a]gelykenis van my [b]Eniggeborene;
en my Eniggeborene is en sal die
[c]Saligmaker wees, want Hy is vol
[d]genade en [e]waarheid; maar daar
is [f]geen ander God naas My nie,
en alle dinge is teenwoordig voor
My, want Ek [g]ken hulle almal.

---

**1** 1*a* GS Moses.
*b* Alma 12:30; Moses 1:42.
2*a* Núm. 12:6–8; Deut. 34:10; L&V 17:1.
*b* Ex. 3:6; 33:11; JSV Ex. 33:20, 23 (Bylae); Joh. 1:18; 6:46; Ether 3:6–16; Moses 1:11.
*c* Deut. 5:24; Moses 1:13–14, 25. GS Heerlikheid.
*d* GS Transfigurasie.
3*a* Openb. 11:17; 19:6; 1 Ne. 1:14; L&V 121:4. GS God, Godheid.
*b* Jes. 63:16; L&V 19:9–12; Moses 7:35. GS Eindeloos.
4*a* Moses 7:4.
*b* Moses 7:32, 35–37.
*c* Ps. 40:5; L&V 76:114.
*d* Ps. 111:7–8; Moses 1:38.
*e* 2 Ne. 9:16; L&V 1:37–39. GS Woord van God.
6*a* Gén. 1:26; Ether 3:14–15; Moses 1:13–16.
*b* GS Eniggeborene.
*c* GS Saligmaker.
*d* Joh. 1:14, 17; Alma 13:9. GS Genade.
*e* Moses 5:7.
*f* 1 Kon. 8:60; Jes. 45:5–18, 21–22.
*g* 1 Ne. 9:6; 2 Ne. 9:20; Alma 18:32; L&V 38:1–2. GS Alwetend.

7 En nou, kyk, hierdie een ding toon Ek aan jou, Moses, my seun, want jy is in die wêreld, en nou toon Ek dit aan jou.

8 En dit het gebeur dat Moses gekyk het, en die [a]wêreld waarop hy geskape is aanskou het, en Moses het die wêreld [b]aanskou en die eindes daarvan, en al die kinders van mense wat is, en wat geskape was; en oor hulle het hy hom grootliks [c]verbaas en verwonder.

9 En die teenwoordigheid van God het onttrek van Moses, dat sy heerlikheid nie op Moses was nie; en Moses is alleen gelaat. En terwyl hy alleen gelaat is, het hy op die aarde neergeval.

10 En dit het gebeur dat dit vir ′n tydperk van vele ure was voordat Moses weer sy natuurlike [a]krag soos dié van ′n mens ontvang het; en hy het vir homself gesê: Nou, om hierdie rede weet ek dat die mens [b]niks is nie, welke ding ek nooit veronderstel het nie.

11 Maar nou het my eie oë [a]God aanskou; maar nie my [b]natuurlike nie, maar my geestelike oë, want my natuurlike oë kon nie aanskou nie; want ek sou [c]verskroei en [d]gesterwe het in sy teenwoordigheid; maar sy heerlikheid was op my; en ek het sy [e]aangesig aanskou, want ek is voor hom [f]getransfigureer.

12 En dit het gebeur dat toe Moses hierdie woorde gesê het, kyk, [a]Satan het gekom en hom [b]versoek, en gesê: Moses, seun van die mens, aanbid my.

13 En dit het gebeur dat Moses na Satan gekyk en gesê het: Wie is jy? Want kyk, ek is ′n [a]seun van God, na die gelykenis van sy Eniggeborene; en waar is jou heerlikheid dat ek jou moet aanbid?

14 Want kyk, ek kon God nie aanskou tensy sy heerlikheid oor my sou kom nie, en ek voor Hom [a]getransfigureer was. Maar ek kan na jou kyk as ′n natuurlike mens. Is dit nie so nie, waarlik?

15 Prys die Naam van my God, want sy Gees het hom nie algeheel van my onttrek nie, andersins, waar is jou heerlikheid, want dit is duisternis vir my? En ek kan onderskei tussen jou en God; want God het vir my gesê: [a]Aanbid God, want Hom alleen sal jy [b]dien.

16 Gaan weg hiervandaan, Satan; bedrieg my nie; want God het vir my gesê: Jy is na die [a]gelykenis van my Eniggeborene.

---

8 *a* Moses 2:1.
*b* Moses 1:27.
*c* Ps. 8:3–4.
10 *a* Dan. 10:8, 17; 1 Ne. 17:47; Alma 27:17; JS—G 1:20.
*b* Dan. 4:35; Hel. 12:7.
11 *a* GS God, Godheid.
*b* L&V 67:10–13; Moses 6:36.
*c* Ex. 19:21.
*d* Ex. 20:19.
*e* Gén. 32:30; Moses 7:4.
*f* Matt. 17:1–8. GS Transfigurasie.
12 *a* Moses 4:1–4. GS Duiwel.
*b* Moses 6:49. GS Versoek, Versoeking.
13 *a* Ps. 82:6; Hebr. 12:9; 1 Joh. 3:2.
14 *a* GS Transfigurasie.
15 *a* Matt. 4:10. GS Aanbid.
*b* 1 Sam. 7:3; 3 Ne. 13:24.
16 *a* Moses 1:6.

17 En Hy het ook aan my gebooie gegee toe Hy tot my uit die brandende [a]bos geroep, en gesê het: [b]Roep na God in die Naam van my Eniggeborene, en aanbid My.

18 En verder het Moses gesê: Ek sal nie ophou om God aan te roep nie, ek het ander dinge om van Hom te vra: want sy heerlikheid was op my, daarom kan ek onderskei tussen Hom en jou. Gaan weg hiervandaan, Satan.

19 En nou, toe Moses hierdie woorde gesê het, het Satan met ′n luide stem uitgeroep, en op die aarde gebulder, en beveel, en het gesê: Ek is die [a]Eniggeborene, aanbid my.

20 En dit het gebeur dat Moses uitermate begin vrees het; en terwyl hy begin vrees, het hy die bitterheid van die [a]hel gesien. Nietemin, toe hy God [b]aangeroep het, het hy krag ontvang, en hy het beveel, en gesê: Gaan weg van my, Satan, want slegs hierdie een God sal ek aanbid, wat die God van heerlikheid is.

21 En nou het [a]Satan begin om te bewe, en die aarde het geskud; en Moses het krag ontvang, en God aangeroep, en gesê: In die Naam van die Eniggeborene, gaan weg hiervandaan, Satan.

22 En dit het gebeur dat Satan met ′n luide stem uitgeroep het, met geween en geweeklaag, en ′n [a]gekners van tande; en hy het daarvandaan weggegaan, naamlik van die teenwoordigheid van Moses, sodat hy hom nie aanskou het nie.

23 En nou van hierdie ding het Moses getuienis gelewer; maar vanweë boosheid is dit nie te vinde onder die kinders van mense nie.

24 En dit het gebeur dat toe Satan vertrek het van die teenwoordigheid van Moses, dat Moses sy oë opgehef het na die hemel, gevul met die [a]Heilige Gees, wat getuienis lewer van die Vader en die Seun;

25 En roepende op die Naam van God, het hy weer sy heerlikheid aanskou, want dit was op hom; en hy het ′n stem gehoor, wat sê: Geseënd is jy Moses, want Ek, die Almagtige, het jou gekies, en jy sal sterker gemaak word as vele [a]waters; want hulle sal jou [b]bevel gehoorsaam asof jy [c]God was.

26 En kyk, Ek is met jou, en wel tot die einde van jou dae; want jy sal my volk [a]verlos van [b]slawerny, naamlik [c]Israel my [d]gekose.

27 En dit het gebeur, dat terwyl die stem nog gespreek het, Moses sy oë rondomheen laat [a]kyk en

17*a* Ex. 3:2.
*b* Moses 5:8.
19*a* Matt. 24:4–5.
20*a* GS Hel.
*b* JS—G 1:15–16. GS Gebed.
21*a* GS Duiwel.
22*a* Matt. 13:41–42; Mosia 16:1–3.
24*a* GS Heilige Gees.
25*a* Ex. 14:21–22.
*b* GS Krag; Priesterskap.
*c* Ex. 4:16.
26*a* Ex. 3:7–12.
*b* 1 Ne. 17:23–25.
*c* 1 Kon. 8:51–53. GS Israel.
*d* GS Verkorene.
27*a* L&V 88:47; Moses 1:8. GS Visioen.

die aarde aanskou het, ja, naamlik dit alles, en daar was nie 'n deeltjie daarvan wat hy nie aanskou het nie, en het dit onderskei deur die Gees van God.

28 En hy het ook die inwoners daarvan aanskou, en daar was nie 'n siel wat hy nie aanskou het nie; en hy het hulle onderskei deur die Gees van God; en hulle getalle was groot, en wel ontelbaar soos die sand van die see.

29 En hy het baie lande aanskou; en elke land is [a]aarde genoem, en daar was inwoners op die aangesig daarvan.

30 En dit het gebeur dat Moses God aangeroep, en gesê het: Vertel my, ek bid u, waarom is hierdie dinge so, en waardeur het U hulle gemaak?

31 En kyk, die heerlikheid van die Here was op Moses, sodat Moses in die teenwoordigheid van God gestaan het, en met Hom gespreek het van [a]aangesig tot aangesig. En die Here God het vir Moses gesê: Vir my eie [b]doel het Ek hierdie dinge gemaak. Hier is wysheid en dit bly in My.

32 En deur die [a]woord van my mag het Ek hulle geskape, wat my Eniggebore Seun is, wat vol [b]genade en [c]waarheid is.

33 En [a]wêrelde sonder tal het Ek [b]geskape; en Ek het hulle ook geskape vir my eie doel; en deur die Seun het Ek hulle geskape, wat my [c]Eniggeborene is.

34 En die [a]eerste mens van alle mense het Ek [b]Adam genoem, wat [c]baie is.

35 Maar slegs 'n verslag van hierdie aarde en die inwoners daarvan gee Ek aan julle. Want kyk, daar is vele wêrelde wat verbygegaan het deur die woord van my mag. En daar is vele wat nou bestaan, en ontelbaar is hulle vir die mens; maar alle dinge word deur my getel, want hulle is myne en Ek [a]ken hulle.

36 En dit het gebeur dat Moses met die Here gespreek, en gesê het: Wees barmhartig teenoor u dienskneg, o God, en vertel vir my aangaande hierdie aarde, en die inwoners daarvan, en ook die hemele, en dan sal u dienskneg tevrede wees.

37 En die Here God het met Moses gespreek, en gesê: Die [a]hemele, hulle is talryk, en hulle kan nie getel word deur die mens nie; maar hulle is getel deur My, want hulle is myne.

38 En soos een aarde sal verbygaan, en die hemele daarvan, net

---

29*a* GS Aarde.
31*a* Deut. 5:4; Moses 1:11.
*b* Jes. 45:17–18; 2 Ne. 2:14–15.
32*a* Joh. 1:1–4, 14; Hebr. 1:1–3; Openb. 19:13; Jakob 4:9; Moses 2:1, 5. GS Jesus Christus.
*b* Ps. 19:1; Moses 5:7–8. GS Genade.
*c* GS Waarheid.
33*a* Ps. 8:3–4; L&V 76:24; Moses 7:29–30.
*b* GS Skep, Skepping.
*c* Moses 1:6.
34*a* Moses 3:7.
*b* Abr. 1:3. GS Adam.
*c* Moses 4:26; 6:9.
35*a* Moses 1:6; 7:36. GS Alwetend.
37*a* Abr. 4:1. GS Hemel.

so sal ʼn ander kom; en daar is
geen [a]einde aan my werke nie,
nóg aan my woorde.
39 Want kyk, dit is my [a]werk en
my [b]heerlikheid—om die [c]onsterf-
likheid en die [d]ewige lewe van die
mens teweeg te bring.
40 En nou, Moses, my seun, wil
Ek met jou spreek aangaande hier-
die aarde waarop jy staan; en jy sal
die dinge [a]skryf wat Ek sal spreek.
41 En op ʼn dag wanneer die kin-
ders van mense my woorde as
niks sal beskou nie en vele daar-
van van die boek wat jy sal skryf,
[a]wegneem, kyk Ek sal ʼn ander
[b]soos jy opwek; en [c]hulle sal weer
te vinde wees onder die kinders
van mense—onder soveel as wat
sal glo.
42 (Hierdie woorde is [a]gespreek
tot Moses op die berg, die naam
waarvan nie bekend sal wees on-
der die kinders van mense nie.
En nou is hulle tot jou gespreek.
Moenie hulle aan enigeen toon
behalwe hulle wat glo nie. Dit is
so. Amen.)

## HOOFSTUK 2
(Junie–Oktober 1830)

*God skep die hemele en die aarde—Alle vorme van lewe word geskape—God maak die mens en gee hom heerskappy oor al die ander.*

En dit het gebeur dat die Here tot
Moses gespreek en gesê het: Kyk,
Ek [a]openbaar aan jou betreffende
hierdie [b]hemel, en hierdie [c]aarde;
skryf die woorde wat Ek spreek.
Ek is die Begin en die Einde, die
[d]Almagtige God; deur my [e]Enig-
geborene het Ek hierdie dinge
[f]geskape; ja in die begin het Ek
die hemel geskape, en die aarde
waarop jy staan.
2 En die [a]aarde was sonder
vorm, en leeg; en Ek het die duis-
ternis oor die aangesig van die
dieptes laat kom; en my Gees het
oor die aangesig van die water ge-
sweef; want Ek is God.
3 En Ek, God, het gesê: Laat daar
[a]lig wees; en daar was lig.
4 En Ek, God, het die lig gesien;
en daardie lig was [a]goed. En Ek,
God, het die lig van die duister-
nis geskei.
5 En Ek, God, het die lig Dag
genoem; en die duisternis het Ek
Nag genoem; en dit het Ek ge-
doen deur die [a]woord van my
mag, en dit is gedoen soos Ek [b]ge-
spreek het; en die aand en die og-
gend was die eerste [c]dag.
6 En verder, Ek, God, het gesê:

38*a* Moses 1:4.
39*a* Rom. 8:16–17; 2 Ne. 2:14–15. GS Plan van Verlossing.
*b* GS Heerlikheid.
*c* GS Onsterflik, Onsterflikheid.
*d* GS Ewige Lewe.
40*a* 2 Ne. 29:11–12.
41*a* 1 Ne. 13:23–32; Moses 1:23.
*b* 2 Ne. 3:7–19.
*c* 1 Ne. 13:32, 39–40; L&V 9:2.
42*a* Moses 1:1.
**2** 1*a* Moses 1:30, 36.
*b* GS Hemel.
*c* Moses 1:8.
*d* GS God, Godheid—God die Vader.
*e* GS Eniggeborene.
*f* GS Skep, Skepping.
2*a* Gén. 1:2; Abr. 4:2.
3*a* L&V 88:6–13. GS Lig, Lig van Christus.
4*a* Gén. 1:4; Abr. 4:4.
5*a* Moses 1:32.
*b* 2 Kor. 4:6.
*c* Gén. 1:5.

Laat daar ′n [a]uitspansel in die middel van die water wees, en dit was so, net soos Ek gespreek het; en Ek het gesê: Laat dit die waters van die waters skei; en dit is gedoen.

7 En Ek, God, het die uitspansel gemaak en die [a]waters verdeel, ja, die groot waters onder die uitspansel van die waters wat bo die uitspansel was, en dit was net soos Ek gespreek het.

8 En Ek, God, het die uitspansel [a]Hemel genoem; en die aand en die môre was die tweede dag.

9 En Ek, God, het gesê: Laat die waters onder die hemel op een [a]plek versamel word, en dit was so; en Ek, God, het gesê: Laat daar droë grond wees; en dit was so.

10 En Ek, God, het die droë land [a]Aarde genoem; en die versameling van die waters het Ek die See genoem; en Ek, God, het gesien dat alle dinge wat Ek gemaak het goed was.

11 En Ek, God, het gesê: Laat die aarde [a]gras voortbring, die kruid saad gee, die vrugteboom vrugte gee, na sy soort, en die boom vrugte gee, waarvan die saad in die aarde moet wees, en dit was net soos Ek gespreek het.

12 En die aarde het gras voortgebring, elke kruid het saad gegee volgens sy soort, en die boom het vrugte gegee waarvan die saad in homself moet wees, volgens sy soort; en Ek, God, het gesien dat alle dinge wat Ek gemaak het goed was;

13 En die aand en die môre was die derde dag.

14 En Ek, God, het gesê: Laat daar ligte wees in die uitspansel van die hemel, om die dag van die nag te skei, en laat hulle vir tekens wees, en vir seisoene, en vir dae, en vir jare;

15 En laat hulle ligte wees in die uitspansel van die hemel om lig te gee op die aarde; en dit was so.

16 En Ek, God, het twee groot ligte gemaak; die groter [a]lig om oor die dag te heers, en die kleiner lig om oor die nag te heers, en die groter lig was die son, en die kleiner lig die maan; en die sterre is ook ooreenkomstig my woord gemaak.

17 En Ek, God, het hulle in die uitspansel van die hemel geplaas om lig op die aarde te gee,

18 En die son om oor die dag te heers, en die maan om oor die nag te heers, en om die lig van die duisternis te skei; en Ek, God, het gesien dat alle dinge wat Ek gemaak het goed was;

19 En die aand en die môre was die vierde dag.

20 En Ek, God, het gesê: Laat die waters oorvloedig die bewegende skepsel wat lewe het, voortbring, en voëls wat bo die aarde kan vlieg in die oop uitspansel van die hemel.

21 En Ek, God, het groot

6*a* Gén. 1:6–8.
7*a* Abr. 4:9–10.
8*a* GS Hemel.
9*a* Gén. 1:9; Abr. 4:9.
10*a* GS Aarde.
11*a* Gén. 1:11–12; Abr. 4:11–12.
16*a* Gén. 1:16.

[a]walvisse geskape, en elke lewende skepsel wat beweeg, wat die waters oorvloedig voortgebring het, na hulle soort, en elke gevleuelde voël na sy soort; en Ek, God, het gesien dat alle dinge wat Ek geskape het goed was.

22 En Ek, God, het hulle geseën, en gesê: Wees vrugbaar, en [a]vermeerder, en vul die waters in die see; en laat die voëls op die aarde vermeerder;

23 En die aand en die môre was die vyfde dag.

24 En Ek, God, het gesê: Laat die aarde die lewende skepsel na sy soort voortbring, vee, en kruipende dinge, en diere van die aarde volgens hulle soort, en dit was so;

25 En Ek, God, het die diere van die aarde gemaak volgens hulle soorte, en vee volgens hulle soort, en alles wat op die aarde kruip na sy soort; en Ek, God, het gesien dat al hierdie dinge goed was.

26 En Ek, God, het vir my [a]Eniggeborene gesê, wat saam met My was vanaf die begin: Laat ons die mens na ons [b]beeld, na ons gelykenis [c]maak; en dit was so. En Ek, God, het gesê: Laat hulle [d]heers oor die visse van die see, en oor die voëls van die lug, en oor die vee, en oor die hele aarde, en oor elke kruipende ding wat op die aarde kruip.

27 En Ek, [a]God, het die mens geskape na my beeld, na die beeld van my Eniggebore Seun het Ek hom geskape; man en vrou het Ek hulle geskape.

28 En Ek, God, het hulle geseën, en vir hulle gesê: Wees vrugbaar, en [a]vermeerder, en vul die aarde, en onderwerp dit, en heers oor die visse van die see, en oor die voëls van die lug, en oor elke lewende ding wat op die aarde beweeg.

29 En Ek, God, het vir die mens gesê: Kyk, Ek het jou elke saaddraende kruid gegee wat op die aangesig van die hele aarde is, en elke boom waarin die vrug van 'n boom sal wees wat saad gee; vir jou sal dit wees vir [a]voedsel.

30 En aan elke dier van die aarde, en aan elke voël van die lug, en aan elke ding wat kruip op die aarde, waarin Ek lewe skenk, sal daar elke geskikte kruid gegee word vir voedsel; en dit was so, net soos Ek gespreek het.

31 En Ek, God, het elke ding gesien wat Ek gemaak het, en, kyk, alle dinge wat Ek gemaak het was baie [a]goed; en die aand en die môre was die [b]sesde dag.

## HOOFSTUK 3
(Junie–Oktober 1830)

*God het alle dinge geestelik geskape*

21 *a* Gén. 1:21; Abr. 4:21.
22 *a* Gén. 1:22–25; Abr. 4:22–25.
26 *a* GS Jesus Christus.
*b* Gén. 1:26–27; Moses 6:8–10; Abr. 4:26–27.
*c* GS Skep, Skepping.
*d* Gén. 1:28; Moses 5:1; Abr. 4:28.
27 *a* GS God, Godheid.
28 *a* Moses 5:2.
29 *a* Gén. 1:29–30; Abr. 4:29–30.
31 *a* Gén. 1:31; L&V 59:16–20.
*b* Ex. 20:11; Abr. 4:31.

*voor hulle natuurlik op die aarde was—Hy het die man geskape, die eerste vlees, op die aarde—Die vrou is ′n paslike hulp vir die man.*

SO is die hemel en die aarde [a]vol-
tooi, en al hulle [b]leërmag.
2 En op die sewende dag het Ek,
God, my werk beëindig, en alle
dinge wat Ek gemaak het; en Ek
het van al my werk [a]gerus op die
[b]sewende dag, en al die dinge wat
Ek gemaak het is voltooi, en Ek,
God, het gesien dat hulle goed
was;
3 En Ek, God, het die sewende
dag [a]geseën, en dit geheilig; om-
dat Ek daarop gerus het van al
my [b]werk wat Ek, God, geskape
en gemaak het.
4 En nou, kyk, Ek sê vir jou dat
hierdie die geskiedenis van die
hemel en die aarde is, toe hulle
geskape is, op die dag wat Ek, die
Here God, die hemel en die aarde
gemaak het,
5 En elke plant van die veld
[a]voor dit in die aarde was, en elke
kruid van die veld voor dit ge-
groei het. Want Ek, die Here God,
het alle dinge [b]geskape, waarvan
Ek gespreek het, [c]geestelik, voor
hulle natuurlik op die aangesig
van die aarde was. Want Ek, die
Here God, het dit nie laat reën op
die aangesig van die aarde nie. En
Ek, die Here God, het al die kin-
ders van mense [d]geskape; en nog
nie ′n mens om die aarde te [e]be-
werk nie; want in die [f]hemel het
Ek hulle [g]geskape; en daar was
nog nie vlees op die aarde nie,
nóg in die water, nóg in die lug;
6 Maar Ek, die Here God, het
gespreek, en daar het ′n [a]mis op-
gestyg van die aarde, en die hele
aangesig van die grond benat.
7 En Ek die Here God, het die
mens geformeer van die [a]stof
van die aarde, en die asem van
die lewe in sy neusgate ingeblaas;
en die [b]mens het ′n lewende [c]siel
geword, die [d]eerste vlees op die
aarde, en ook die eerste mens; nie-
temin, alle dinge was voorheen
geskape; maar hulle is geestelik
geskape en gemaak ooreenkom-
stig my woord.
8 En Ek, die Here God, het ′n
tuin geplant, ooswaarts in [a]Eden,
en daar het Ek die man geplaas
wat Ek geformeer het.
9 En uit die grond het Ek, die
Here God, elke boom gemaak
om te groei, natuurlik, wat aange-
naam is in die oë van die mens; en
die mens kon dit aanskou. En dit
het ook ′n lewende siel geword.

**3** 1*a* GS Skep, Skepping.
*b* Gén. 2:1; Abr. 5:1.
2*a* Gén. 2:2–3; Abr. 5:2–3. GS Rus.
*b* GS Sabbatdag.
3*a* Mosia 13:19.
*b* Ex. 31:14–15.
5*a* Gén. 2:4–5; Abr. 5:4–5.
*b* Moses 6:51.
*c* L&V 29:31–34; Abr. 3:23. GS Geesteskepping.
*d* GS Gees.
*e* Gén. 2:5.
*f* GS Hemel.
*g* GS Mens die, Mense—Die mens, ′n geesteskind van Hemelse Vader.
6*a* Gén. 2:6.
7*a* Gén. 2:7; Moses 4:25; 6:59; Abr. 5:7.
*b* GS Adam.
*c* GS Siel.
*d* Moses 1:34.
8*a* GS Eden.

Want dit was geestelik op die dag toe Ek dit geskape het; want dit bly in die sfeer waarin Ek, God, dit geskape het, en wel alle dinge wat Ek voorberei het vir die gebruik van die mens; en die mens het gesien dat dit goed was vir voedsel. En Ek, die Here God, het ook die [a]boom van die lewe in die middel van die tuin geplant, en ook die [b]boom van kennis van goed en kwaad.
10 En Ek, die Here God, het ′n rivier laat vloei uit Eden om die tuin water te gee; en daarvandaan het dit verdeel, en het vier [a]vertakkings geword.
11 En Ek, die Here God, het die naam van die eerste Pison genoem, en dit het die hele land Háwila omring, waar Ek, die Here God, baie goud geskape het;
12 En die goud van daardie land was goed, en daar was bdellium en die onikssteen.
13 En die naam van die tweede rivier was Gihon genoem; dieselfde een wat die hele land Ethiopië omring.
14 En die naam van die derde rivier was Hiddékel; dit wat na die ooste van Assirië vloei. En die vierde rivier was die Eufraat.
15 En Ek, die Here God, het die man geneem en hom in die Tuin van Eden geplaas, om dit te bewerk, en om dit te bewaar.
16 En Ek, die Here God, het die man gebied en gesê: Van elke boom in die tuin mag jy vryelik eet,
17 Maar van die boom van kennis van goed en kwaad, daarvan sal jy nie eet nie, nietemin, jy mag vir jouself [a]kies, want dit word aan jou gegee, maar, onthou dat Ek dit verbied, want op die [b]dag wat jy daarvan eet, sal jy sekerlik [c]sterwe.
18 En Ek, die Here God, het vir my [a]Eniggeborene gesê, dat dit nie goed was dat die man alleen moes wees nie; daarom, Ek sal vir hom ′n paslike [b]hulp maak.
19 En uit die grond het Ek, die Here God, elke dier van die veld geformeer, en elke voël van die lug; en gebied dat hulle na Adam moes kom, om te sien wat hy hulle sou noem; en hulle was ook lewende siele; want Ek, God, het die asem van die lewe in hulle geblaas, en gebied dat elke lewende skepsel wat Adam ook al genoem het, dit die naam daarvan moes wees.
20 En Adam het name gegee aan al die vee, en aan die voëls van die lug, en aan elke dier van die veld, maar vir Adam was daar nie ′n paslike hulp te vinde nie.
21 En Ek, die Here God, het ′n diep slaap oor Adam laat val; en hy het geslaap, en Ek het een van sy ribbes geneem en met vlees die plek daarvan toegemaak;

9 *a* GS Boom van die Lewe.
*b* Gén. 2:9.
10 *a* Gén. 2:10.
17 *a* Moses 7:32.
GS Handelingsmag.
*b* Abr. 5:13.
*c* Gén. 2:17.
GS Dood, Fisiese;
Sterflik, Sterflikheid.
18 *a* GS Eniggeborene.
*b* Gén. 2:18;
Abr. 5:14.

22 En die rib wat Ek, die Here
God, van die man geneem het, het
Ek ’n [a]vrou gemaak, en haar na
die man gebring.
23 En Adam het gesê: Dit weet
ek nou, is been van my gebeente,
en [a]vlees van my vlees; sy sal
Vrou genoem word, omdat sy uit
die man geneem is.
24 Daarom sal ’n man sy vader
en sy moeder verlaat, en sal aan
sy vrou [a]kleef; en hulle sal [b]een
vlees wees.
25 En hulle was albei naak, die
man en sy vrou, en was nie skaam
nie.

## HOOFSTUK 4
(Junie–Oktober 1830)

*Hoe Satan die duiwel geword het—Hy versoek Eva—Adam en Eva val, en die dood kom die wêreld binne.*

En Ek, die Here God, het met
Moses gespreek, en gesê: Daar-
die [a]Satan, vir wie jy beveel het in
die Naam van my Eniggeborene,
is dieselfde wat vanaf die [b]begin
was, en hy het voor my gekom en
gesê—Kyk, hier is ek, stuur my,
ek sal u seun wees, en ek sal die
ganse mensdom verlos, dat nie
een siel verlore sal gaan nie, en
sekerlik sal [c]ek dit doen; daarom
gee my u eer.
2 Maar, kyk, my Geliefde [a]Seun,
wat my Geliefde en [b]Uitverkorene
was vanaf die begin, het vir My
gesê—[c]Vader, u [d]wil geskied, en
die [e]heerlikheid behoort aan U
vir ewig.
3 Daarom, omdat daardie Sa-
tan teen My [a]gerebelleer het, en
gesoek het om die [b]handelings-
mag van die mens te vernietig,
wat Ek, die Here God, aan hom
gegee het, en ook, dat Ek aan hom
my eie mag moes gee; deur die
mag van my Eniggeborene, het
Ek hom laat [c]neerwerp;
4 En hy het Satan geword, ja,
naamlik die duiwel, die vader
van alle [a]leuens, om die mens te
verlei en te verblind, en om hulle
gevangene te neem volgens sy
wil, en wel almal wat nie wou ag
slaan op my stem nie.
5 En nou, die slang was [a]listiger
as enige dier van die veld wat Ek,
die Here God, gemaak het.
6 En Satan het dit in die hart
van die slang geplaas, (want hy
het baie agter hom aan getrek,)
en hy het ook gesoek om [a]Eva
te bedrieg, want hy het nie die
wil van God geken nie, daarom

22*a* GS Eva; Vrou, Vroue.
23*a* Gén. 2:23; Abr. 5:17.
24*a* Gén. 2:24; L&V 42:22; 49:15–16; Abr. 5:17–18.
*b* GS Huwelik, Trou.
**4** 1*a* GS Duiwel.
*b* L&V 29:36–37.
*c* Jes. 14:12–15.
2*a* GS Jesus Christus.
*b* Moses 7:39; Abr. 3:27. GS Voorafverordinering.
*c* GS God, Godheid—God die Vader.
*d* Lk. 22:42.
*e* GS Heerlikheid.
3*a* GS Raadsvergadering in die Hemel.
*b* GS Handelingsmag.
*c* L&V 76:25–27.
4*a* 2 Ne. 2:18; L&V 10:25. GS Bedrog, Bedrieg, Bedrieër; Lieg.
5*a* Gén. 3:1; Mosia 16:3; Alma 12:4.
6*a* GS Eva.

het hy gesoek om die wêreld te vernietig.

7 En hy het vir die vrou gesê: Ja, het God gesê—Julle sal nie eet van elke boom van die [a]tuin nie? (En hy het by monde van die slang gepraat.)

8 En die vrou het vir die slang gesê: Ons mag van die vrugte van die bome in die tuin eet;

9 Maar van die vrug van die boom wat jy aanskou in die middel van die tuin, het God gesê—Julle sal nie daarvan eet nie, nóg sal julle daaraan raak, sodat julle nie sterwe nie.

10 En die slang het vir die vrou gesê: Julle sal nie sekerlik sterwe nie;

11 Want God weet dat op die dag wat julle daarvan eet, dan sal julle [a]oë geopen word, en julle sal soos gode wees, en goed en kwaad [b]ken.

12 En toe die vrou sien dat die boom goed was vir voedsel, en dat dit aangenaam geword het vir die oë, en ′n boom om [a]begeer te word om haar wys te maak, het sy van die vrug daarvan geneem, en het [b]geëet, en ook aan haar man gegee by haar, en hy het geëet.

13 En die oë van albei van hulle is geopen, en hulle het besef dat hulle [a]nakend was. En hulle het vyeblare aanmekaargewerk en vir hulleself voorskote gemaak.

14 En hulle het die stem van die Here God gehoor, terwyl hulle in die tuin [a]gewandel het, in die koelte van die dag; en Adam en sy vrou het hulleself verberg van die teenwoordigheid van die Here God tussen die bome van die tuin.

15 En Ek, die Here God, het Adam geroep en vir hom gesê: Waarheen [a]gaan jy?

16 En hy het gesê: Ek het u stem in die tuin gehoor, en ek was bevrees, omdat ek besef het dat ek nakend was, en het myself verberg.

17 En Ek, die Here God, het vir Adam gesê: Wie het jou vertel dat jy nakend was? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou gebied het dat jy nie moes eet nie, indien wel, sal jy sekerlik [a]sterwe?

18 En die man het gesê: Die vrou wat U my gegee het, en gebied het dat sy by my moes bly, sy het my van die vrug van die boom gegee en ek het geëet.

19 En Ek, die Here God, het vir die vrou gesê: Wat is hierdie ding wat jy gedoen het? En die vrou het gesê: Die slang het my [a]bedrieg, en ek het geëet.

20 En Ek, die Here God, het vir die slang gesê: Omdat jy dit gedoen het, sal jy [a]vervloek wees bo alle vee, en bo elke dier van die veld; op jou buik sal jy seil, en stof sal jy eet al die dae van jou lewe;

21 En Ek sal vyandskap plaas tussen jou en die vrou, tussen jou

7 *a* GS Eden.
11 *a* Gén. 3:3–6; Moses 5:10.
*b* Alma 12:31.
12 *a* Gén. 3:6.
*b* GS Val van Adam en Eva.
13 *a* Gén. 2:25.
14 *a* Gén. 3:8.
15 *a* Gén. 3:9.
17 *a* Moses 3:17.
19 *a* Gén. 3:13; Mosia 16:3.
20 *a* Gén. 3:13–15.

saad en haar saad; en hy sal jou kop verbrysel, en jy sal sy hakskeen verbrysel.

22 Aan die vrou het Ek, die Here God, gesê: Ek sal jou smart en jou swangerskap grootliks vermeerder. In [a]smart sal jy kinders voortbring, en jou begeerte sal na jou man wees, en hy sal oor jou heers.

23 En aan Adam, het Ek, die Here God, gesê: Omdat jy ag geslaan het op die stem van jou vrou, en geëet het van die vrug van die boom waarvan Ek jou gebied, en gesê het—Jy sal nie daarvan eet nie, vervloek sal die grond wees vanweë jou; in smart sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.

24 Dorings ook, en distels sal dit voortbring vir jou, en jy sal van die plante van die veld eet.

25 In die [a]sweet van jou aangesig sal jy brood eet, totdat jy terugkeer na die grond—want jy sal sekerlik sterwe—want daaruit is jy geneem, want [b]stof was jy, en na stof sal jy terugkeer.

26 En Adam het sy vrou se naam Eva genoem, omdat sy die moeder was van alle lewendes; want so het Ek, die Here God, die eerste van alle vroue genoem, wat [a]baie is.

27 Vir Adam, en ook vir sy vrou, het Ek, die Here God, kleding van vel gemaak, en hulle [a]geklee.

28 En Ek, die Here God, het vir my Eniggebore gesê: Kyk, die [a]man het soos een van Ons geword om goed en kwaad te [b]ken; en nou, sodat hy nie sy hand uitsteek en ook [c]neem van die [d]boom van die lewe, en eet en vir ewig lewe nie,

29 Daarom Ek, die Here God, sal hom uit die Tuin van [a]Eden stuur, om die grond te bewerk waaruit hy geneem is;

30 Want soos Ek, die Here God, leef, net so kan my [a]woorde nie leeg terugkeer nie, want soos hulle uitgaan uit my mond, moet hulle vervul word.

31 Dus het Ek die man uitgedryf, en in die ooste van die Tuin van Eden het Ek [a]gérubs en ′n vlammende swaard geplaas, wat na elke kant gedraai het om die weg na die boom van die lewe te bewaak.

32 (En hierdie is die woorde wat Ek tot my dienskneg Moses gespreek het, en hulle is waar, en wel soos Ek wil; en Ek het hulle aan jou gespreek. Sien dat jy hulle aan geen mens toon nie, totdat Ek jou gebied, behalwe aan hulle wat glo. Amen.)

22 *a* Gén. 3:16.
25 *a* Gén. 3:17–19. GS Val van Adam en Eva.
*b* Gén. 2:7; Moses 6:59; Abr. 5:7.
26 *a* Moses 1:34; 6:9.
27 *a* GS Fatsoenlikheid.
28 *a* Gén. 3:22. GS Mens die, Mense—Die mens, potensiaal om soos Hemelse Vader te word.
*b* GS Kennis.
*c* Alma 42:4–5.
*d* Gén. 2:9; 1 Ne. 11:25; Moses 3:9. GS Boom van die Lewe.
29 *a* GS Eden.
30 *a* 1 Kon. 8:56; L&V 1:38.
31 *a* Alma 42:3. GS Gérubs.

## HOOFSTUK 5
(Junie–Oktober 1830)

*Adam en Eva bring kinders voort—Adam offer offerandes en dien God—Kain en Abel word gebore—Kain rebelleer, het Satan meer lief as God, en word Verderf—Moord en boosheid versprei—Die evangelie word vanaf die begin gepredik.*

En dit het gebeur dat nadat Ek, die Here God, hulle uitgedryf het, dat Adam begin het om die aarde te bewerk, en om [a]heerskappy te hê oor al die diere van die veld, en om sy brood te eet in die sweet van sy aangesig, soos Ek, die Here hom gebied het. En Eva, ook, sy vrou, het saam met hom gearbei.

2 En Adam het sy vrou beken, en sy het vir hom seuns en [a]dogters [b]gebaar, en hulle het begin om te [c]vermeerder en om die aarde te vul.

3 En vanaf daardie tyd het die seuns en [a]dogters van Adam begin om twee-twee te verdeel in die land, en om die land te bewerk, en om die kuddes te versorg, en hulle het ook seuns en dogters verwek.

4 En Adam en Eva, sy vrou, het die Naam van die Here aangeroep, en hulle het die stem van die Here gehoor van die rigting van die Tuin van [a]Eden, wat met hulle gespreek het, en hulle het Hom nie gesien nie; want hulle was uit sy [b]teenwoordigheid gesluit.

5 En Hy het gebooie aan hulle gegee, dat hulle die Here hulle God moes [a]aanbid, en die [b]eerstelinge van hulle kuddes moes offer as ′n offerande aan die Here. En Adam was [c]gehoorsaam aan die gebooie van die Here.

6 En na vele dae het ′n [a]engel van die Here aan Adam verskyn en gesê: Hoekom offer jy [b]offerandes aan die Here? En Adam het vir hom gesê: Ek weet nie, behalwe dat die Here my gebied het.

7 Toe het die engel gespreek en gesê: Hierdie ding is ′n [a]sinnebeeld van die [b]offerande van die Eniggeborene van die Vader, wat vol [c]genade en waarheid is.

8 Daarom, jy sal alles doen wat jy doen in die [a]Naam van die Seun, en jy sal [b]bekeer en God vir ewig [c]aanroep in die Naam van die Seun.

9 En op daardie dag het die [a]Heilige Gees op Adam neergedaal, wat getuienis lewer van die Vader en die Seun, en gesê: Ek is die [b]Eniggeborene van die Vader

---

**5** 1*a* Moses 2:26.
2*a* L&V 138:39.
*b* Gén. 5:4.
*c* Gén. 1:28; Moses 2:28.
3*a* Moses 5:28.
4*a* GS Eden.
*b* Alma 42:9.
5*a* GS Aanbid.
*b* Ex. 13:12–13; Núm. 18:17; Mosia 2:3. GS Eersgeborene.
*c* GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
6*a* GS Engele.
*b* GS Opoffer.
7*a* GS Jesus Christus—Voorafskaduwings of simbole van Christus.
*b* Alma 34:10–15. GS Bloed.
*c* Moses 1:6, 32. GS Genade.
8*a* 2 Ne. 31:21.
*b* Moses 6:57. GS Bekeer, Bekering.
*c* GS Gebed.
9*a* GS Heilige Gees.
*b* GS Eniggeborene; Jesus Christus.

van die begin af, van nou af en vir ewig, dat aangesien jy [c]geval het, jy [d]verlos mag word, en die ganse mensdom, en wel soveel as wat wil.

10 En op daardie dag het Adam God geseën en is [a]vervul, en het begin om te [b]profeteer aangaande al die families van die aarde, en gesê: Prys die Naam van God, want vanweë my oortreding is my oë geopen, en in hierdie lewe sal ek [c]vreugde hê, en ek sal weer in die [d]vlees God sien.

11 En [a]Eva, sy vrou, het al hierdie dinge gehoor en was bly, en het gesê: Was dit nie vir ons oortreding nie, sou ons nooit [b]saad gehad het nie, en sou nooit goed en kwaad geken het nie, en die vreugde van ons verlossing, en die ewige lewe wat God aan al die gehoorsames gee.

12 En Adam en Eva het die Naam van God geprys, en hulle het alle dinge [a]bekendgemaak aan hulle seuns en hulle dogters.

13 En [a]Satan het onder hulle gekom en gesê: Ek is ook ′n seun van God; en hy het hulle beveel en gesê: Glo dit nie; en hulle het dit nie [b]geglo nie, en hulle het Satan meer [c]liefgehad as God. En die mens het vanaf daardie tyd begin om [d]vleeslik, wellustig en duiwels te wees.

14 En die Here God het orals die mens aangespreek deur die [a]Heilige Gees en hulle gebied dat hulle moes bekeer;

15 En soveel as wat in die Seun [a]geglo, en van hulle sondes bekeer het, sou [b]gered word; en soveel as wat nie geglo en nie bekeer het nie, sou [c]verdoem wees; en die woorde het uit die mond van God uitgegaan in ′n onwrikbare bevel; daarom moet hulle vervul word.

16 En Adam en Eva, sy vrou, het nie opgehou om God aan te roep nie. En Adam het sy vrou beken en sy het swanger geword en [a]Kain gebaar, en gesê: Ek het ′n man van die Here ontvang; daarom mag hy nie sy woorde verwerp nie. Maar kyk, Kain het nie ag geslaan nie, en gesê: Wie is die Here dat ek Hom moet ken?

17 En sy het weer swanger geword en sy broer [a]Abel gebaar. En Abel het ag [b]geslaan op die stem van die Here. En Abel was ′n herder van skape, maar Kain was ′n bewerker van die grond.

18 En Kain het Satan meer [a]liefgehad as God. En Satan het hom

---

9 *c* GS Dood, Geestelike; Val van Adam en Eva.
*d* Mosia 27:24–26; L&V 93:38; Gel. Art. 1:3. GS Plan van Verlossing; Verlos, Verlossing.
10 *a* GS Wedergebore, Gebore uit God.
*b* L&V 107:41–56. GS Profesie, Profeteer.
*c* GS Vreugde.
*d* Job 19:26; 2 Ne. 9:4.
11 *a* GS Eva.
*b* 2 Ne. 2:22–23.
12 *a* Deut. 4:9.
13 *a* GS Duiwel.
*b* GS Ongeloof.
*c* Moses 6:15.
*d* GS Natuurlike Mens; Vleeslik.
14 *a* Joh. 14:16–18, 26.
15 *a* GS Geloof, Glo.
*b* GS Heil.
*c* L&V 42:60. GS Verdoemenis.
16 *a* Gén. 4:1–2. GS Kain.
17 *a* GS Abel.
*b* Hebr. 11:4.
18 *a* L&V 10:20–21.

beveel, en gesê: [b]Bring ′n offe-
rande aan die Here.
19 En na verloop van tyd het dit
gebeur dat Kain van die vrugte
van die grond ′n offerande aan
die Here gebring het.
20 En Abel, hy het ook van die
eersgeborenes van sy kudde ge-
bring, en van die vet daarvan,
en die Here het respek gehad vir
Abel asook sy [a]offerande;
21 Maar vir Kain, en sy [a]offe-
rande, het hy nie respek gehad
nie. Nou, Satan het dit geweet,
en dit het hom verheug. En Kain
was baie vertoornd, en sy gelaat
het verander.
22 En die Here het vir Kain gesê:
Waarom is jy vertoornd? Waarom
het jou aangesig verander?
23 As jy goed doen, sal jy [a]aan-
vaar word. En as jy nie goed doen
nie, lê die sonde by die deur, en
Satan begeer om jou te hê; en
tensy jy sal ag slaan op my ge-
booie, sal Ek jou uitlewer, en dit
sal met jou wees soos hy begeer.
En jy sal oor hom heers;
24 Want vanaf hierdie tyd sal jy
die vader van sy leuens wees; jy
sal [a]Verderf genoem word; want
jy was ook voor die wêreld.
25 En dit sal gesê word in die
toekomende tyd—Dat hierdie
[a]gruwels afkomstig is van Kain;
want hy het die beter raad wat
van God afkomstig is, verwerp;
en dit is ′n vervloeking wat Ek
op jou sal plaas, tensy jy bekeer.
26 En Kain was vertoornd, en
het nie meer na die stem van die
Here geluister nie, nóg na Abel sy
broer, wat in heiligheid voor die
Here gewandel het.
27 En Adam en sy vrou het ge-
treur voor die Here vanweë Kain
en sy broers.
28 En dit het gebeur dat Kain
een van sy broers se dogter as
vrou geneem het, en hulle het Sa-
tan meer [a]liefgehad as God.
29 En Satan het vir Kain gesê:
Sweer vir my by jou keel, en in-
dien jy dit bekendmaak, sal jy
sterwe; en sweer jou broers by
hulle hoofde, en by die lewende
God, dat hulle dit nie sal bekend-
maak nie; want as hulle dit be-
kendmaak, sal hulle sekerlik
sterwe; en dit sodat jou vader dit
nie mag weet nie; en hierdie dag
sal ek jou broer Abel uitlewer in
jou hande.
30 En Satan het vir Kain gesweer
dat hy sou doen ooreenkomstig
sy bevele. En al hierdie dinge is
in die geheim gedoen.
31 En Kain het gesê: Waarlik, ek
is Mahan, die meester van hier-
die groot geheim, sodat ek mag
[a]moor en voordeel kry. Daarom
is Kain Meester [b]Mahan genoem,
en hy het geroem in sy boosheid.
32 En Kain het die veld ingegaan,

18*b* L&V 132:8–11.
20*a* GS Offerande; Opoffer.
21*a* Gén. 4:3–7.
23*a* Gén. 4:7; L&V 52:15; 97:8.
24*a* GS Seuns van die Verderf.
25*a* Hel. 6:26–28.
28*a* Moses 5:13.
31*a* GS Moord.
*b* DI "Verstand," "vernietiger," and "die groot een" is moontlike betekenisse vir die stamwoord waaraan "Mahan" ontleen is.

en Kain het met sy broer Abel gepraat. En dit het gebeur terwyl hulle in die veld was, het Kain opgestaan teen Abel, sy broer, en het hom doodgeslaan.

33 En Kain het [a]geroem in dit wat hy gedoen het, en gesê: Ek is vry; sekerlik sal die kuddes van my broer in my hande val.

34 En die Here het vir Kain gesê: Waar is Abel, jou broer? En hy het gesê: Ek weet nie. Is ek my broer se [a]oppasser?

35 En die Here het gesê: Wat het jy gedoen? Die stem van jou broer se bloed roep tot My vanuit die grond.

36 En nou, jy sal vervloek wees van die aarde wat haar mond geopen het om jou broer se bloed vanuit jou hand te ontvang.

37 Wanneer jy die grond bewerk, sal dit van nou af nie haar krag vir jou gee nie. ʼn [a]Vlugteling en ʼn swerwer sal jy op die aarde wees.

38 En Kain het vir die Here gesê: Satan het my [a]versoek vanweë my broer se kuddes. En ek was ook vertoornd; want sy offerande het U aangeneem en nie myne nie, my straf is groter as wat ek kan dra.

39 Kyk, U het my op hierdie dag verdryf van die aangesig van die Here, en van U gesig sal ek verberg wees; en ek sal ʼn wandelaar en ʼn swerwer wees op die aarde; en dit sal gebeur dat hy wat my vind, my sal doodmaak, vanweë my ongeregtighede, want hierdie dinge is nie verborge vir die Here nie.

40 En Ek, die Here het vir hom gesê: Wie ook al jou doodmaak, wraak sal sewevoudig op hom geneem word. En Ek, die Here het ʼn [a]merk op Kain geplaas, sodat enigeen wat hom vind, hom nie sou doodmaak nie.

41 En Kain is uitgesluit van die [a]teenwoordigheid van die Here, en met sy vrou en vele van sy broers in die land Nod gewoon, aan die oostekant van Eden.

42 En Kain het sy vrou beken en sy het swanger geword en Henog gebaar, en hy het ook vele seuns en dogters verwek. En hy het ʼn stad gebou, en hy het die naam van die [a]stad vernoem na die naam van sy seun, Henog.

43 En aan Henog is Irad gebore, en ander seuns en dogters, En Irad het Mehújael en ander seuns en dogters verwek. En Mehújael het Metúsael en ander seuns en dogters verwek. En Metúsael het Lameg verwek.

44 En Lameg het vir homself twee vroue geneem; die naam van die een was Ada, en die naam van die ander, Silla.

45 En Ada het Jabal gebaar; hy

33*a* GS Hoogmoed; Wêreldsheid.
34*a* Gén. 4:9.
37*a* Gén. 4:11–12.
38*a* GS Begeer; Versoek, Versoeking.
40*a* Gén. 4:15.
41*a* Moses 6:49.
42*a* DI Daar was ʼn man genaamd Henog in Kain se geslagsregister, asook ʼn stad met dieselfde naam onder sy volk. Moenie hulle verwar met Henog van die regverdige lyn van Set en met sy stad, Sion, nie, wat ook die "Stad van Henog" genoem is.

was die vader van diesulkes wat in tente woon, en hulle was herders van vee; en sy broer se naam was Jubal, wat die vader was van al diesulkes wat die harp en die fluit bespeel.

46 En Silla, sy het ook vir Tubal-Kain gebaar, ʼn leermeester van elke ambagsman van brons en yster. En die suster van Tubal-Kain was Naéma genoem.

47 En Lameg het vir sy vroue gesê, Ada en Silla: Hoor my stem, julle vroue van Lameg, slaan ag op my woorde; want ek het ʼn man gedood tot my verwonding, en ʼn jong man tot my pyn.

48 Indien Kain sewevoudig gewreek word, sal Lameg sekerlik [a]sewe en sewentigvoudig maal wees;

49 Want Lameg, omdat hy ʼn [a]verbond met Satan gesluit het ooreenkomstig die wyse van Kain, waardeur hy Meester Mahan geword het, meester van daardie groot geheim wat aan Kain deur Satan toevertrou is; en Irad, die seun van Henog, omdat hy hulle geheim geken het, het begin om dit aan die seuns van Adam bekend te maak;

50 Daarom, omdat Lameg kwaad was, het hy hom gedood, nie soos Kain, sy broer Abel, vir die doel om gewin te verkry nie, maar hy het hom gedood ter wille van die eed.

51 Want, vanaf die dae van Kain, was daar ʼn [a]geheime organisasie, en hulle werke was in die duisternis en hulle het elkeen sy broer geken.

52 Daarom het die Here Lameg vervloek, en sy huis, en al diegene wat met Satan ʼn verbond gesluit het; want hulle het nie die gebooie van God onderhou nie, en dit het God nie behaag nie, en hy het hulle nie bedien nie, en hulle werke was gruwels, en het begin om onder al die [a]seuns van mense te versprei. En dit was onder die seuns van mense.

53 En onder die dogters van mense is daar nie oor hierdie dinge gepraat nie, omdat Lameg die geheim aan sy vroue vertel het, en hulle het teen hom gerebelleer, en hierdie dinge oraloor bekendgemaak en het nie ontferming gehad nie;

54 Daarom is Lameg verafsku, en uitgewerp, en het nie onder die seuns van mense gekom nie, sodat hy nie sterwe nie.

55 En so het die werke van die [a]duisternis begin om te versprei onder al die seuns van mense.

56 En God het die aarde met ʼn sware vervloeking vervloek, en was vertoornd teenoor die bose, teenoor al die kinders van mense wat Hy gemaak het;

57 Want hulle wou nie ag slaan op sy stem nie, nóg glo in sy

48*a* DI Lameg het gespog dat Satan meer vir hom sou doen as wat hy vir Kain gedoen het. Die redes vir hierdie aanname word in verse 49 and 50 gegee.
Gén. 4:24.
49*a* GS Eed.
51*a* GS Geheime Organisasies.
52*a* Moses 8:14–15.
55*a* GS Boos, Boosheid; Duisternis, Geestelike.

[a]Eniggebore Seun, naamlik Hom wat Hy verklaar het sou kom in die middelpunt van tyd, wat voorberei is van voor die grondlegging van die wêreld.

58 En dus is daar begin om die [a]Evangelie te predik, vanaf die begin, en verkondig deur heilige [b]engele uitgestuur van die teenwoordigheid van God, en deur sy eie stem, en deur die [c]gawe van die Heilige Gees.

59 En daarom is alle dinge aan Adam bevestig, deur 'n heilige ordinansie, en die Evangelie gepreek, en 'n dekreet uitgevaardig, dat dit in die wêreld moet wees, tot die einde daarvan; en so was dit. Amen.

## HOOFSTUK 6
(November–Desember 1830)

*Adam se saad hou 'n gedenkboek—Sy regverdige afstammelinge predik bekering—God openbaar Homself aan Henog—Henog predik die evangelie—Die heilsplan is aan Adam geopenbaar—Hy het die doop en die priesterskap ontvang.*

En [a]Adam het ag geslaan op die stem van God, en het 'n beroep op sy seuns gedoen om te bekeer.

2 En Adam het sy vrou weer beken, en sy het 'n seun gebaar, en hy het sy naam [a]Set genoem. En Adam het die Naam van God verheerlik; want hy het gesê: God het my 'n ander saad gegee, in die plek van Abel, vir wie Kain gedood het.

3 En God het homself aan Set geopenbaar, en hy het nie gerebelleer nie, maar het 'n aanvaarbare [a]offerande geoffer, soos sy broer Abel. En aan hom is ook 'n seun gebore, en hy het sy naam Enos genoem.

4 En toe het hierdie mense begin om die Naam van die Here aan te [a]roep, en die Here het hulle geseën;

5 En 'n [a]gedenkboek is gehou, waarin aangeteken is, in die taal van Adam, want dit is gegee aan soveel as wat God aangeroep het om deur die gees van [b]inspirasie te skryf;

6 En deur hulle is hulle kinders geleer om te lees en te skryf, omdat hulle 'n taal gehad het wat suiwer en onbesmet was.

7 Nou, hierdie selfde [a]Priesterskap wat aan die begin was, sal ook aan die einde van die wêreld wees.

8 Nou het Adam hierdie profesie uitgespreek soos hy deur die [a]Heilige Gees geïnspireer is, en 'n [b]geslagsregister is gehou van die [c]kinders van God. En dit was die [d]boek van die geslagte van

57 *a* GS Jesus Christus.
58 *a* GS Evangelie.
*b* Alma 12:28–30; Moro. 7:25, 29–31. GS Engele.
*c* GS Gawe van die Heilige Gees.
**6** 1 *a* GS Adam.
2 *a* Gén. 4:25. GS Set.
3 *a* GS Opoffer.
4 *a* Gén. 4:26. GS Gebed.
5 *a* Abr. 1:28, 31. GS Boek van Herinnering.
*b* GS Inspirasie, Inspireer.
7 *a* GS Priesterskap.
8 *a* 2 Petr. 1:21.
*b* GS Geslagsregister.
*c* GS Seuns en Dogters van God.
*d* Gén. 5:1.

Adam, wat sê: Op die dag wat God die mens geskape het, na die gelykenis van God het Hy hom gemaak;

9 Na die [a]beeld van sy eie liggaam, man en vrou, het Hy [b]hulle geskape, en hulle geseën, en hulle [c]naam Adam genoem, op die dag wat hulle geskape is en lewende [d]siele geword het in die land op die [e]voetbank van God.

10 En [a]Adam het eenhonderd en dertig jaar geleef, en ′n seun na sy gelykenis verwek, na sy eie [b]beeld, en het sy naam Set genoem.

11 En die dae van Adam, nadat hy Set verwek het, was agthonderd jaar en hy het vele seuns en dogters verwek;

12 En al die dae wat Adam geleef het was negehonderd en dertig jaar, en hy het gesterf.

13 Set het eenhonderd en vyf jaar geleef, en Enos verwek, en geprofeteer in al sy dae, en het sy seun Enos die weë van die God geleer; daarom het Enos ook geprofeteer.

14 En Set het gelewe, nadat hy Enos verwek het, agthonderd en sewe jaar, en het vele seuns en dogters verwek.

15 En die kinders van mense was talryk op die hele aangesig van die land. En in daardie dae het Satan groot [a]heerskappy onder mense gehad, en gewoed in hulle harte; en van toe kom oorloë en bloedvergieting; en ′n man se hand was teen sy eie broer, om die dood toe te dien, vanweë [b]geheime werke, soekende na mag.

16 Al die dae van Set was negehonderd en twaalf jaar en hy het gesterf.

17 En Enos het negentig jaar gelewe, en [a]Kenan verwek. En Enos en die oorblyfsel van die volk van God het uit die land wat Sjulon genoem is, getrek, en in ′n land van belofte gewoon, wat hy na sy eie seun vernoem het, wat hy Kenan genoem het.

18 En Enos het gelewe, nadat hy Kenan verwek het, agt honderd en vyftien jaar, en vele seuns en dogters verwek. En al die dae van Enos was negehonderd en vyf jaar, en hy het gesterwe.

19 En Kenan het sewentig jaar gelewe, en Mahalálel verwek; en Kenan het gelewe nadat hy Mahalálel verwek het, agthonderd en veertig jaar, en seuns en dogters verwek. En al die dae van Kenan was negehonderd en tien jaar, en hy het gesterwe.

20 En Mahalálel het vyf en sestig jaar gelewe, en Jered verwek; en Mahalálel het gelewe, nadat hy Jered verwek het, agthonderd en dertig jaar, en seuns en dogters verwek. En al die dae van Mahalálel was agthonderd vyf en negentig jaar, en hy het gesterwe.

---

9 *a* Gén. 1:26–28; Moses 2:26–29; Abr. 4:26–31.
*b* GS Mens die, Mense.
*c* Moses 1:34; 4:26.
*d* GS Siel.
*e* Abr. 2:7.
10 *a* L&V 107:41–56.
*b* Gén. 5:3; L&V 107:42–43; 138:40.
15 *a* Moses 5:13.
*b* GS Geheime Organisasies.
17 *a* Gén. 5:10–14; L&V 107:45, 53.

21 En Jered het gelewe een-
honderd twee en sestig jaar, en
[a]Henog verwek; en Jered het ge-
lewe, nadat hy Henog verwek
het, agthonderd jaar, en seuns
en dogters verwek. En Jered het
Henog geleer volgens al die weë
van God.
22 En dit is die geslagsregister
van die seuns van Adam, wat die
[a]seun van God was, met wie God
self gesprek gevoer het.
23 En hulle was [a]predikers van
regverdigheid, en het gespreek en
[b]geprofeteer, en ʼn beroep gedoen
op alle mense, oral, om te [c]bekeer;
en [d]geloof is aan die kinders van
mense geleer.
24 En dit het gebeur dat al die
dae van Jered negehonderd twee
en sestig jaar was, en hy het
gesterwe.
25 En Henog het vyf en sestig jaar
gelewe, en [a]Metúsalag verwek.
26 En dit het gebeur dat Henog
gereis het in die land, onder die
volk; en terwyl hy gereis het, het
die Gees van God uit die hemel
neergedaal, en op hom vertoef.
27 En hy het ʼn stem vanuit die
hemel gehoor wat sê: Henog, my
seun, profeteer vir hierdie volk,
en sê vir hulle—Bekeer, want so
sê die Here: Ek is [a]vertoornd op
hierdie volk, en my verwoede
toorn is ontvlam teen hulle; want
hulle harte het hard geword, en
hulle ore is traag om te hoor, en
hulle [b]oë [c]kan nie ver sien nie;
28 En vir hierdie vele geslagte,
sedert die dag wat Ek hulle ge-
skape het, het hulle [a]afgedwaal,
en het My verloën, en het hulle
eie raad in die duisternis gevolg;
en in hul eie gruwels het hulle
moord beplan, en het nie die ge-
booie onderhou, wat Ek aan hulle
vader, Adam gegee het nie.
29 Daarom, hulle het vals ge-
sweer, en, deur hulle [a]ede, het
hulle die dood oor hulleself ge-
bring; en ʼn [b]hel het Ek vir hulle
voorberei, indien hulle nie bekeer
nie;
30 En dit is ʼn dekreet, wat Ek
uitgestuur het in die begin van
die wêreld, van my eie mond,
vanaf die grondlegging daar-
van, en by monde van my diens-
knegte, julle vaders, het Ek dit
uitgevaardig, soos dit uitgestuur
sal word in die wêreld, tot die ein-
des daarvan.
31 En toe Henog hierdie woorde
gehoor het, het hy homself na die
aarde neergebuig, voor die Here,
en voor die Here gespreek en
gesê: Waarom is dit dat ek guns
gevind het in u oë, en ek is slegs
ʼn jongeling, en al die mense haat
my; want ek is [a]stadig van spraak;
waarom is ek u dienskneg?

21 *a* Gén. 5:18–24; Moses 7:69; 8:1–2. GS Henog.
22 *a* Lk. 3:38.
23 *a* GS Profeet.
*b* GS Profesie, Profeteer.
*c* GS Bekeer, Bekering.
*d* GS Geloof, Glo.
25 *a* GS Metúsalag.
27 *a* L&V 63:32.
*b* Matt. 13:15; 2 Ne. 9:31; Mosia 26:28; L&V 1:2, 11, 14.
*c* Alma 10:25; 14:6.
28 *a* GS Rebellie.
29 *a* GS Eed.
*b* GS Hel.
31 *a* Ex. 4:10–16; Jer. 1:6–9.

32 En die Here het vir Henog gesê: Gaan uit en doen soos Ek jou gebied het, en niemand sal jou deurboor nie. Open jou [a]mond, en dit sal gevul word, en Ek sal jou woorde gee, want alle vlees is in my hande, en Ek sal doen soos Ek goeddink.

33 Sê vir hierdie volk: [a]Kies julle hierdie dag om die Here God wat julle gemaak het, te dien.

34 Kyk, my Gees is op julle daarom sal Ek al my woorde regverdig; en die [a]berge sal voor julle vlug, en die [b]riviere sal afwyk van hulle koers; en julle sal in My woon, en Ek in julle; daarom, [c]wandel met My.

35 En die Here het met Henog gespreek, en vir hom gesê: Salf jou oë met klei, en was hulle, en jy sal sien. En hy het so gedoen.

36 En hy het die [a]geeste aanskou wat God geskape het; en hy het ook dinge aanskou wat nie sigbaar was vir die [b]natuurlike oog nie; en vandaar kom die gesegde oral in die land: 'n [c]Siener het die Here opgerig vir sy volk.

37 En dit het gebeur dat Henog uitgegaan het in die land, onder die volk, terwyl hy op die berge en die hoë plekke staan, en geroep het met 'n luide stem, en getuig het teen hulle werke, en almal het [a]aanstoot geneem vanweë hom.

38 En hulle het uitgekom om hom te hoor, op die hoë plekke, en vir die tentbewaarders gesê: Vertoef julle hier en versorg die tente, terwyl ons daarheen gaan om die siener te aanskou, want hy profeteer, en daar is 'n vreemde ding in die land; 'n wilde man het onder ons gekom.

39 En dit het gebeur dat toe hulle hom hoor, het niemand hande aan hom geslaan nie; want vrees het oor almal gekom wat hom gehoor het; want hy het met God gewandel.

40 En daar het 'n man na hom gekom wie se naam Mahija was, en vir hom gesê: Vertel ons eerlikwaar wie u is, en vanwaar u kom?

41 En hy het vir hulle gesê: Ek het uit die land Kenan gekom, die land van my vaders, 'n land van regverdigheid tot hierdie dag. En my vader het my in al die weë van God geleer.

42 En dit het gebeur, terwyl ek van die land Kenan gereis het, by die oostelike see, het ek 'n visioen aanskou; en kyk, die hemele het ek gesien, en die Here het met my gespreek, en my 'n gebod gegee; daarom, om hierdie rede, om die gebod te onderhou, spreek ek hierdie woorde.

43 En Henog het sy toespraak voortgesit, en gesê: Die Here wat met my gespreek het, Hy is die God van die hemel, en hy is my God, en julle God, en julle is my broers, en waarom [a]volg julle jul

32*a* L&V 24:5–6; 60:2.
33*a* GS Handelingsmag.
34*a* Matt. 17:20.
*b* Moses 7:13.
*c* Gén. 5:24; Moses 7:69. GS Wandel, Wandel met God.
36*a* GS Geesteskepping.
*b* Moses 1:11.
*c* GS Siener.
37*a* 1 Ne. 16:1–3.
43*a* Spr. 1:24–33; L&V 56:14–15.

eie raad, en verloën die God van die hemel?

44 Die hemele het Hy gemaak; die [a]aarde is sy [b]voetbank; en die fondament daarvan is syne. Kyk, Hy het dit gelê, 'n leërskare van mense het Hy ingebring op die aangesig daarvan.

45 En die dood het oor ons vaders gekom; nietemin ons ken hulle, en kan nie ontken nie, en wel die eerste van almal wat ons ken, naamlik Adam.

46 Want 'n [a]gedenkboek het ons onder ons geskryf, ooreenkomstig die patroon gegee deur die vinger van God; en dit is in ons eie taal gegee.

47 En terwyl Henog die woorde van God gespreek het, het die volk gebewe, en kon nie sy teenwoordigheid verduur nie.

48 En hy het vir hulle gesê: Omdat Adam [a]geval het, is ons; en deur sy val het die [b]dood gekom; en ons word deelgenote van ellende en wee.

49 Kyk, Satan het onder die kinders van mense gekom, en [a]versoek hulle om hom te aanbid; en die mens het [b]vleeslik, [c]wellustig en duiwels geword; en word van die teenwoordigheid van God [d]uitgesluit.

50 Maar God het aan ons vaders bekendgemaak dat alle mense moet bekeer.

51 En hy het ons vader Adam met sy eie stem aangeroep, en gesê: Ek is God; Ek het die wêreld gemaak, en [a]mense [b]voor hulle in die vlees was.

52 En Hy het ook vir hom gesê: Indien jy na My keer, en ag slaan op my stem, en glo, en bekeer van al jou oortredings, en [a]gedoop word, en wel in water, in die Naam van my Eniggebore Seun, wat vol [b]genade en waarheid is, wat [c]Jesus Christus is, die enigste [d]Naam wat onder die hemel gegee sal word, waardeur [e]heil na die kinders van mense sal kom, sal jy die gawe van die Heilige Gees ontvang, en alle dinge vra in sy Naam, en wat jy ook al sal vra, dit sal jou gegee word.

53 En ons vader Adam het met die Here gespreek, en gesê: Waarom is dit dat die mens moet bekeer en in water gedoop word? En die Here het vir Adam gesê: Kyk, Ek het jou jou oortreding in die Tuin van Eden [a]vergewe.

54 Vandaar kom die gesegde oral onder die mense, dat die

---

44 *a* Deut. 10:14.
*b* Abr. 2:7.
46 *a* GS Boek van Herinnering.
48 *a* 2 Ne. 2:25. GS Val van Adam en Eva.
*b* GS Dood, Fisiese.
49 *a* Moses 1:12. GS Versoek, Versoeking.
*b* Mosia 16:3–4; Moses 5:13. GS Vleeslik.
*c* GS Wellus, Wellustigheid.
*d* GS Dood, Geestelike.
51 *a* GS Mens die, Mense—Die mens, 'n geesteskind van Hemelse Vader.
*b* GS Geesteskepping.
52 *a* 3 Ne. 11:23–26. GS Doop.
*b* GS Genade.
*c* GS Jesus Christus.
*d* Hand. 4:12; 2 Ne. 31:21.
*e* GS Heil.
53 *a* GS Vergewe.

[a]Seun van God [b]versoening gedoen het vir die oorspronklike skuld waarin die sondes van die ouers nie verantwoord word op die hoofde van die [c]kinders nie, want hulle is rein vanaf die grondlegging van die wêreld.
55 En die Here het met Adam gespreek, en gesê: In soverre jou kinders in sonde verwek word, net so wanneer hulle begin om op te groei, verwek [a]sonde in hulle harte, en hulle proe die [b]bittere, sodat hulle mag weet om die goeie te waardeer.
56 En dit word aan hulle gegee om die goeie van die bose te onderskei; daarom is hulle [a]vry om te handel na hul eie goeddunke, en Ek het aan jou 'n ander wet en gebod gegee.
57 Daarom, leer dit aan julle kinders, dat alle mense, oraloor, moet [a]bekeer, andersins kan hulle geensins die koninkryk van God beërwe nie, want [b]geen onrein ding kan daar woon, of [c]woon in sy teenwoordigheid nie; want, in die taal van Adam, [d]Man van Heiligheid is sy Naam, en die Naam van sy Eniggebore is die [e]Seun van die Mens, naamlik Jesus Christus, 'n regverdige [f]Regter, wat in die middelpunt van tyd sal kom.
58 Daarom gee Ek aan jou 'n gebod, om hierdie dinge vryelik aan julle [a]kinders te leer, en sê:
59 Dat vanweë oortreding kom die val, welke val die dood bring, en in soverre jy in die wêreld gebore is deur water en deur bloed, en die [a]gees, wat Ek gemaak het, en so uit die [b]stof 'n lewende siel geword het, net so moet jy weer in die koninkryk van die hemel [c]gebore word, deur [d]water, en deur die Gees, en gereinig word deur bloed, naamlik die bloed van my Eniggeborene sodat jy geheilig mag word van alle sonde, en die [e]woorde van die ewige lewe [f]geniet in hierdie wêreld en die ewige lewe in die komende wêreld, naamlik onsterflike [g]heerlikheid.
60 Want deur die [a]water onderhou jy die gebod; deur die Gees is jy [b]geregverdig, en deur die [c]bloed is jy [d]geheilig;
61 Daarom word dit aan jou gegee om in jou te woon; die getuie

54*a* GS Jesus Christus.
*b* GS Versoen, Versoening.
*c* Mosia 3:16.
55*a* GS Sonde.
*b* L&V 29:39. GS Teenstand.
56*a* 2 Ne. 2:26–27; Hel. 14:29–30. GS Handelingsmag.
57*a* 1 Kor. 6:9–10. GS Bekeer, Bekering.
*b* 1 Ne. 10:21. GS Rein en Onrein.
*c* Ps. 24:3–4; 1 Ne. 15:33–36; Morm. 7:7; L&V 76:50–62.
*d* Moses 7:35. GS Man van Heiligheid.
*e* GS Seun van die Mens.
*f* GS Geregtigheid; Jesus Christus—Regter.
58*a* GS Kind, Kinders.
59*a* 1 Joh. 5:8.
*b* Gén. 2:7; Moses 4:25; Abr. 5:7.
*c* GS Wedergebore, Gebore uit God.
*d* GS Doop.
*e* Joh. 6:68.
*f* 2 Ne. 4:15–16; Alma 32:28.
*g* GS Selestiale Heerlikheid.
60*a* Moro. 8:25.
*b* GS Regverdigmaking, Regverdig.
*c* GS Bloed.
*d* GS Heiligmaking.

van die hemel; die [a]Trooster; die vredige dinge van onsterflike heerlikheid; die waarheid van alle dinge; dit wat alle dinge verkwik; wat alle dinge verlewendig; dit wat alle dinge weet en alle mag het ooreenkomstig wysheid, barmhartigheid, waarheid, geregtigheid en oordeel.

62 En nou, kyk, Ek sê vir jou: Dit is die [a]heilsplan vir alle mense, deur die bloed van my [b]Eniggeborene, wat sal kom in die middelpunt van tyd.

63 En kyk, alle dinge het hulle gelykenis, en alle dinge is geskape en gemaak om [a]getuienis van My te lewer, beide dinge wat stoflik is en dinge wat geestelik is; dinge wat bo in die hemele is, dinge wat op die aarde is, en dinge wat onder die aarde is, beide bo en benede: alle dinge lewer getuienis van My.

64 En dit het gebeur, nadat die Here met Adam gespreek het, ons vader, dat Adam tot die Here geroep het, en hy is weggevoer deur die [a]Gees van die Here, en is in die water ingeneem, en is onder die [b]water gelê, en is uit die water uitgebring.

65 En aldus is hy gedoop, en die Gees van God het op hom neergedaal, en aldus is hy uit die Gees [a]gebore, en is verkwik in die [b]innerlike mens.

66 En hy het 'n stem uit die hemel gehoor wat sê: Jy is met vuur [a]gedoop, en met die Heilige Gees. Dit is die [b]getuie van die Vader, en die Seun, van nou af en vir ewig;

67 En jy is na die [a]orde van Hom wat sonder begin van dae of einde van jare is, van alle ewigheid tot alle ewigheid.

68 Kyk, jy is [a]een in My, 'n seun van God; en aldus kan almal my [b]seuns word. Amen.

## HOOFSTUK 7
(Desember 1830)

*Henog onderrig, lei die volk, en versit berge—Die stad Sion word gevestig—Henog voorsien die koms van die Seun van die Mens, sy soenoffer, en die opstanding van die heiliges. Hy voorsien die Herstelling, die Versameling, die Tweede Koms, en die terugkeer van Sion.*

En dit het gebeur dat Henog sy toespraak voortgesit het, en gesê het: Kyk, ons vader Adam het hierdie dinge geleer, en vele het geglo en die [a]seuns van God geword, en vele het nie geglo nie, en het vergaan in hulle sondes en wag met [b]vrees, in pyniging, op die vurige verontwaardiging van

61 *a* GS Heilige Gees.
62 *a* GS Plan van Verlossing.
*b* GS Eniggeborene.
63 *a* Alma 30:44; L&V 88:45–47.
64 *a* GS Heilige Gees.
*b* GS Doop.
65 *a* GS Wedergebore, Gebore uit God.
*b* Mosia 27:25; Alma 5:12–15.
66 *a* L&V 19:31. GS Gawe van die Heilige Gees.
*b* 2 Ne. 31:17–18; 3 Ne. 28:11.
67 *a* GS Melgisédekse Priesterskap.
68 *a* 1 Joh. 3:1–3; L&V 35:2.
*b* Joh. 1:12; L&V 34:3. GS Seuns en Dogters van God.
**7** 1 *a* GS Seuns en Dogters van God.
*b* Alma 40:11–14.

die toorn van God om op hulle
uitgestort te word.
2 En van daardie tyd af aan het
Henog begin om te profeteer, en
sê vir die volk, dat: Terwyl ek ge-
reis het, en op die plek Mahuja
gestaan, en tot die Here geroep
het, het daar ′n stem uit die hemel
gekom wat sê—Draai jou om, en
gaan op in die berg Símeon.
3 En dit het gebeur dat ek om-
gedraai het en opgegaan het in
die berg; en terwyl ek op die
berg gestaan het, het ek die he-
mele geopen aanskou, en ek is
met [a]heerlikheid beklee;
4 En ek het die Here gesien;
en hy het voor my aangesig ge-
staan, en Hy het met my gepraat,
net soos ′n mens die een met die
ander praat, van [a]aangesig tot
aangesig; en Hy het vir my gesê:
[b]Kyk, en Ek sal aan jou die wê-
reld vir ′n tydperk van vele ge-
slagte toon.
5 En dit het gebeur dat ek in die
vallei Sjum gesien het, en kyk, ′n
groot volk wat in tente gewoon
het, wat die volk van Sjum was.
6 En weer het die Here vir my
gesê: Kyk, en ek het na die noorde
gekyk, en het die volk van Kanaän
aanskou, wat in tente gewoon het.
7 En die Here het vir my gesê:
Profeteer; en ek het geprofeteer,
en gesê: Kyk die volk van Kanaän,
wat talryk is, sal uitgaan in slag-
orde teen die volk van Sjum, en
sal hulle doodmaak sodat hulle
heeltemal vernietig sal word; en
die volk van Kanaän sal hulleself
verdeel in die land, en die land sal
dor en onvrugbaar wees, en geen
ander volk sal daar woon nie be-
halwe die volk van Kanaän;
8 Want kyk, die Here sal die
land vervloek met baie hitte, en
die dorheid daarvan sal vir ewig
voortduur, en ′n [a]donkerheid het
oor al die kinders van Kanaän ge-
kom, sodat hulle verag is onder
alle volke.
9 En dit het gebeur dat die Here
vir my gesê het: Kyk, en ek het ge-
kyk, en die land Saron aanskou,
en die land Henog, en die land
Omner, en die land Heni, en die
land Sem, en die land Haner, en
die land Hananniha en al die in-
woners daarvan;
10 En die Here het vir my gesê:
Gaan na hierdie volk; en sê vir
hulle—[a]Bekeer, sodat Ek nie uit-
kom en julle met ′n vloek tref, en
hulle sterf nie.
11 En Hy het aan my ′n gebod
gegee dat ek moes [a]doop in die
Naam van die Vader, en van die
Seun, wat vol [b]genade en waar-
heid is, en van die [c]Heilige Gees,
wat getuienis lewer van die Va-
der en die Seun.
12 En dit het gebeur dat Henog
voortgegaan het om al die volke
op te roep, behalwe die volk van
Kanaän, om te bekeer.

3*a* GS Transfigurasie.
4*a* Gén. 32:30; Deut. 5:4; Moses 1:2, 11, 31.
*b* Moses 1:4.
8*a* 2 Ne. 26:33.
10*a* Moses 6:57. GS Bekeer, Bekering.
11*a* GS Doop.
*b* GS Genade.
*c* GS Heilige Gees.

13 En so groot was die [a]geloof van Henog dat hy die volk van God gelei het, en hulle vyande het opgeruk om teen hulle te veg; en hy het die woord van die Here gespreek, en die aarde het gebewe, en die [b]berge het gevlug, en wel ooreenkomstig sy bevel; en die [c]riviere van water het hulle koers verander; en die gebrul van leeus is gehoor vanuit die wildernis; en alle nasies het grootliks gevrees, so [d]kragtig was die woord van Henog, en so groot was die krag van die taal wat God hom gegee het.

14 Daar het ook 'n land opgekom uit die diepte van die see, en so groot was die vrees van die vyande van die volk van God, dat hulle gevlug en op 'n afstand gestaan het en het op die land gegaan wat uit die diepte van die see gekom het.

15 Al die [a]reuse van die land, ook, het op 'n afstand gestaan; en daar het 'n vloek uitgegaan op al die mense wat teen God geveg het;

16 En vanaf daardie tyd was daar oorloë en bloedvergieting onder hulle; maar die Here het gekom en saam met sy volk gewoon, en hulle het in regverdigheid gewoon.

17 Die [a]vrees van die Here was oor alle nasies, so groot was die heerlikheid van die Here, wat op sy volk was. En die Here het die land [b]geseën, en hulle is geseën op die berge, en op die hoë plekke, en het floreer.

18 En die Here het sy volk [a]Sion genoem, omdat hulle van [b]een hart was en een gesindheid, en in regverdigheid gewoon het; en daar was geen armes onder hulle nie.

19 En Henog het sy prediking aan die volk van God in regverdigheid voortgesit. En dit het gebeur in sy dae dat hy 'n stad gebou het wat die Stad van Heiligheid genoem is, naamlik Sion.

20 En dit het gebeur dat Henog met die Here gepraat het; en hy het vir die Here gesê: Sekerlik sal [a]Sion vir ewig in veiligheid woon. Maar die Here het vir Henog gesê: Sion het Ek geseën, maar die oorblyfsel van die volk het Ek vervloek.

21 En dit het gebeur dat die Here aan Henog al die inwoners van die aarde getoon het; en hy het aanskou, en sien, met die verloop van tyd is Sion in die hemel [a]opgeneem. En die Here het vir Henog gesê: Aanskou my woonplek vir ewig.

22 En Henog het ook die oorblyfsel van die mense wat die seuns van Adam was, aanskou; en hulle was 'n mengsel van al

13 *a* GS Geloof, Glo.
*b* Matt. 17:20.
*c* Moses 6:34.
*d* GS Krag; Priesterskap.
15 *a* Gén. 6:4; Moses 8:18.
17 *a* Ex. 23:27.
*b* 1 Kron. 28:7–8; 1 Ne. 17:35.
18 *a* GS Sion.
*b* Hand. 4:32; Filip. 2:1–4. GS Eenheid.
20 *a* Moses 7:62–63. GS Nuwe Jerusalem.
21 *a* Moses 7:69.

die saad van Adam, behalwe die saad van Kain, want die saad van Kain was [a]swart, en het nie plek onder hulle gehad nie.
23 En daarna is Sion in die [a]hemel opgeneem, en Henog het [b]aanskou, en sien, [c]al die nasies van die aarde was voor hom;
24 En geslag op geslag het gekom; en Henog was hoog en [a]verhef, en wel in die boesem van die Vader, en van die Seun van die Mens; en kyk, die mag van Satan was op die hele aangesig van die aarde.
25 En hy het engele sien neerdaal uit die hemel; en hy het 'n luide stem gehoor wat sê: Wee, wee die inwoners van die aarde.
26 En hy het Satan aanskou; en hy het 'n groot [a]ketting in sy hand gehad, en dit het die hele aangesig van die aarde in [b]duisternis versluier; en hy het opgekyk en gelag en sy [c]engele het hulle verheug.
27 En Henog het [a]engele aanskou wat neerdaal uit die hemel, wat [b]getuienis lewer van die Vader en die Seun; en die Heilige Gees het op vele geval, en hulle is deur die magte van die hemel opgeneem in Sion.
28 En dit het gebeur dat die God van die hemel na die oorblyfsel van die mense gekyk het, en Hy het geween; en Henog het getuienis daarvan gelewer, en sê: Hoe is dit dat die hemele ween, en hulle trane uitstort soos die reën op die berge?
29 En Henog het vir die Here gesê: Hoe is dit dat U kan [a]ween, aangesien U heilig is, en van alle ewigheid tot alle ewigheid?
30 En indien dit moontlik was dat die mens die deeltjies van die aarde kon tel, ja, miljoene [a]aardes soos hierdie, sou dit nie 'n begin wees van die aantal van u [b]skeppinge nie; en u tentdoeke is steeds uitgestrek; en tog is U daar, en u boesem is daar; en ook U is regverdig; U is barmhartig en goedhartig vir ewig;
31 En U het Sion na u eie boesem geneem, vanuit al u skeppings, van alle ewigheid tot alle ewigheid; en niks behalwe [a]vrede, [b]geregtigheid en [c]waarheid is die woonplek van u troon nie; en barmhartigheid sal voor u aangesig uitgaan en geen einde hê nie; hoe is dit dat U kan ween?
32 Die Here het vir Henog gesê: Kyk hierdie jou broers; hulle is die werk van my eie [a]hande, en Ek gee aan hulle hul [b]kennis, op die dag wat Ek hulle geskape het; en in die Tuin van Eden het Ek aan die mens sy [c]handelingsmag gegee;
33 En aan jou broers het Ek gesê,

22*a* 2 Ne. 26:33.
23*a* GS Hemel.
*b* GS Visioen.
*c* L&V 88:47; Moses 1:27–29.
24*a* 2 Kor. 12:1–4.
26*a* Alma 12:10–11.
*b* Jes. 60:1–2.
*c* Judas 1:6; L&V 29:36–37.
27*a* GS Engele.
*b* GS Getuienis.
29*a* Jes. 63:7–10.
30*a* L&V 76:24; Moses 1:33.
*b* GS Skep, Skepping.
31*a* GS Vrede.
*b* GS Geregtigheid.
*c* GS Waarheid.
32*a* Moses 1:4.
*b* GS Kennis.
*c* GS Handelingsmag.

en ook ʼn gebod gegee, dat hulle mekaar moet [a]liefhê, en dat hulle My moet kies, hulle Vader; maar kyk, hulle is sonder liefde, en hulle haat hul eie bloed;

34 En die [a]vuur van my verontwaardiging is ontstoke teen hulle; en in my hittige misnoeë sal Ek die [b]vloede oor hulle stuur, want my toorn is teen hulle ontvlam.

35 Kyk, Ek is God; [a]Man van Heiligheid is my Naam; Man van Raad is my Naam; en Eindeloos en Ewig is ook my [b]Naam.

36 Daarom, Ek kan my hande uitstrek en al die skeppinge wat Ek gemaak het, hou; en my [a]oog kan hulle ook deurdring, en onder al die werke van my hande was daar nie sulke groot [b]boosheid as onder jou broers nie.

37 Maar kyk, hulle sondes sal op die hoofde van hulle vaders wees; Satan sal hulle vader wees, en ellende sal hul lot wees; en die ganse hemele sal oor hulle ween, naamlik al die werke van my hande; waarom moet die hemele nie ween nie, aangesien hierdie mense sal ly?

38 Maar kyk, hierdie waarop jou oë is, sal vergaan in die vloede; en kyk, Ek sal hulle opsluit; Ek het vir hulle ʼn [a]gevangenis voorberei.

39 En [a]dit wat Ek gekies het, het voor my aangesig gepleit. Daarom het Hy gely vir hulle sondes; in soverre as hulle wil bekeer op die dag wat my [b]Gekose na My sal terugkeer, en tot daardie dag sal hulle in [c]pyniging wees.

40 Daarom, hieroor sal die hemele ween, ja, en al die werke van my hande.

41 En dit het gebeur dat die Here met Henog gespreek het, en Henog al die handelinge van die kinders van mense vertel het; daarom het Henog geweet, en hulle boosheid aanskou, en hulle ellende, en geween en sy arms uitgestrek het, en sy [a]hart het so wyd as die ewigheid geswel, en sy binneste het gesmag; en alle ewigheid het geskud.

42 En Henog het ook vir [a]Noag en sy [b]familie gesien; dat die nageslag van al die seuns van Noag gered sou word met ʼn stoflike redding;

43 Daarom, Henog het gesien dat Noag ʼn [a]ark gebou het; en dat dit die Here welgeval het, en dit in sy eie hand gehou het; maar oor die oorblyfsel van die bose het die vloede gekom en hulle ingesluk.

44 En toe Henog hierdie dinge sien, het hy bitterheid van siel

33*a* GS Liefde.
34*a* Jes. 30:27; Nah. 1:6; L&V 35:14.
*b* Gén. 7:4, 10; Moses 8:17, 24. GS Vloed tydens Noag se Tyd.
35*a* Moses 6:57.
*b* Moses 1:3.
36*a* L&V 38:2; 88:41; Moses 1:35–37.
*b* Gén. 6:5–6; Moses 8:22, 28–30.
38*a* 1 Petr. 3:18–20. GS Hel.
39*a* DI die Saligmaker.
*b* Moses 4:2; Abr. 3:27. GS Jesus Christus.
*c* GS Verdoemenis.
41*a* Mosia 28:3. GS Medelye.
42*a* GS Noag, Bybelse Patriarg.
*b* Moses 8:12.
43*a* Gén. 6:14–16; Ether 6:7.

gehad, en geween oor sy broers,
en het aan die hemele gesê: Ek
sal [a]weier om vertroos te word;
maar die Here het vir Henog
gesê: Hef op jou hart, en wees
bly; en kyk.
45 En dit het gebeur dat Henog
gekyk het; en van Noag af het
hy al die families van die aarde
aanskou; en hy het tot die Here
geroep en gesê: Wanneer sal die
dag van die Here kom? Wanneer
sal die bloed van die Regverdige
gestort word, sodat al hulle wat
treur, [a]geheilig mag word en die
ewige lewe hê?
46 En die Here het gesê: Dit
sal in die [a]middelpunt van tyd
wees, in die dae van boosheid en
wraak.
47 En kyk, Henog het die dag
van die koms van die Seun van
die Mens gesien, en wel in die
vlees; en sy siel het hom verbly,
en gesê: Die Regverdige word
verhef, en die [a]Lam word gedood
van voor die grondlegging van
die wêreld; en deur geloof is ek
in die boesem van die Vader, en
kyk, [b]Sion is met my.
48 En dit het gebeur dat Henog
na die [a]aarde gekyk het; en hy het
ʼn stem gehoor van die binneste
daarvan, wat sê: Wee, wee my, die
moeder van mense; ek is gepynig,
ek is uitgeput, vanweë die boos-
heid van my kinders. Wanneer sal
ek [b]rus, en gereinig word van die
[c]vieslikheid wat uit my uitgegaan
het? Wanneer sal my Skepper my
heilig, sodat ek mag rus, en reg-
verdigheid vir ʼn tydperk op my
aangesig wees?
49 En toe Henog die aarde ge-
hoor weeklaag het, het hy ge-
ween, en tot die Here geroep, en
gesê: O Here, sal U nie ontfer-
ming hê teenoor die aarde nie?
Sal U nie die kinders van Noag
seën nie?
50 En dit het gebeur dat Henog
sy geroep tot die Here voortge-
sit het, en gesê: Ek vra U, o Here,
in die Naam van u Eniggebo-
rene, naamlik Jesus Christus, dat
U barmhartig sal wees teenoor
Noag en sy saad, sodat die aarde
nooit weer deur die vloede bedek
mag word nie.
51 En die Here kon nie terughou
nie; en Hy het ʼn verbond gesluit
met Henog, en ʼn eed tot hom ge-
sweer, dat Hy die [a]vloede sal te-
rughou; dat Hy die kinders van
Noag sal aanroep;
52 En Hy het ʼn onveranderlike
bevel uitgestuur, dat ʼn [a]oorblyf-
sel van sy saad altyd onder die
nasies te vinde moet wees, terwyl
die aarde sal bly staan;
53 En die Here het gesê: Ge-
seënd is hy deur wie se saad
Messias sal kom; want Hy sê—
Ek is [a]Messias, die [b]Koning van

44 *a* Ps. 77:2; Ether 15:3.
45 *a* GS Heiligmaking.
46 *a* Moses 5:57.
47 *a* GS Lam van God.
*b* Moses 7:21.
48 *a* GS Aarde—Reiniging van die aarde.
*b* Moses 7:54, 58, 64.
*c* GS Vieslik, Vieslikheid.
51 *a* Ps. 104:6–9.
52 *a* Moses 8:2.
53 *a* GS Messias.
*b* Matt. 2:2; 2 Ne. 10:14; Alma 5:50; L&V 128:22.

Sion, die [c]Rots van die Hemel, wat wyd is soos die ewigheid; want wie ook al by die poort inkom en by My [d]opklim sal nooit val nie; daarom, geseënd is hulle van wie Ek gespreek het, want hulle sal uitkom met [e]liedere van ewigdurende vreugde.
54 En dit het gebeur dat Henog tot die Here geroep, en gesê het: Wanneer die Seun van die Mens in die vlees kom, sal die aarde rus? Ek smeek U, toon my hierdie dinge.
55 En die Here het vir Henog gesê: Kyk, en hy het gekyk en die [a]Seun van die Mens gesien, opgehef op die [b]kruis, volgens die wyse van die mens;
56 En hy het 'n luide stem gehoor; en die hemele is versluier; en al die skeppings van God het getreur; en die aarde het [a]gekreun; en die rotse is geskeur; en die heiliges het [b]opgestaan, en is [c]gekroon aan die [d]regterhand van die Seun van die Mens, met krone van heerlikheid.
57 En soveel van die [a]geeste as wat in die [b]gevangenis was, het uitgekom, en aan die regterhand van God gestaan; en die res is teruggehou in kettings van duisternis tot die oordeel van die groot dag.
58 En Henog het weer geween en tot die Here geroep, en gesê: Wanneer sal die aarde rus?
59 En Henog het die Seun van die Mens aanskou wat opvaar na die Vader; en hy het die Here aangeroep, en gesê: Wil U nie weer na die aarde kom nie? In soverre U God is, en ek ken U, en U het tot my gesweer, en my gebied dat ek in die Naam van u Eniggebore moet vra; U het my gemaak, en my 'n reg tot u troon gegee, en nie vanweë myself nie, maar deur u eie genade; daarom, ek vra U of U nie weer na die aarde wil kom nie.
60 En die Here het vir Henog gesê: Sowaar Ek leef, net so sal Ek kom in die [a]laaste dae, in die dae van boosheid en wraak, om die eed te vervul wat Ek met jou gemaak het aangaande die kinders van Noag;
61 En die dag sal kom dat die aarde sal [a]rus, maar voor daardie dag sal die hemele [b]verdonker word, en 'n [c]sluier van duisternis sal die aarde bedek; en die hemele sal skud, en ook die aarde; en groot beproewings sal onder die kinders van mense wees, maar my volk sal Ek [d]bewaar;
62 En [a]regverdigheid sal Ek stuur uit die hemel; en [b]waarheid

53 *c* Ps. 71:3; 78:35; Hel. 5:12. GS Rots.
*d* 2 Ne. 31:19–20.
*e* GS Musiek.
55 *a* GS Seun van die Mens.
*b* 3 Ne. 27:14. GS Kruisiging.
56 *a* Matt. 27:45, 50–51.
*b* GS Opstanding.
*c* GS Kroon; Verheffing.
*d* Matt. 25:34.
57 *a* GS Gees.
*b* L&V 76:71–74; 88:99.
60 *a* GS Laaste Dae.
61 *a* GS Aarde—Finale toestand van die aarde.
*b* L&V 38:11–12; 112:23.
*c* GS Sluier; Voorhangsel.
*d* 1 Ne. 22:15–22; 2 Ne. 30:10.
62 *a* Ps. 85:11. GS Herstelling van die Evangelie.
*b* GS Boek van Mormon.

sal Ek uitstuur van die [c]aarde, om [d]getuienis te lewer van my Eniggeborene; sy [e]opstanding uit die dood; ja, en ook die opstanding van alle mense; en Ek sal regverdigheid en waarheid oor die aarde laat vee soos met 'n vloed, om my uitverkorenes uit die vier hoeke van die aarde te [f]versamel, na 'n plek wat Ek sal voorberei, 'n Heilige Stad, sodat my volk hulle lendene mag omgord, en uitsien na die tyd van my koms; want daar sal my tabernakel wees, en dit sal Sion genoem word, 'n [g]Nuwe Jerusalem.

63 En die Here het vir Henog gesê: Dan sal jy en jou hele [a]stad hulle daar ontmoet, en ons sal hulle in ons boesem ontvang, en hulle sal ons sien; en ons sal hulle omhels, en hulle sal ons omhels, en ons sal mekaar kus;

64 En daar sal my woonplek wees, en dit sal Sion wees, wat sal uitkom uit al die skeppings wat Ek gemaak het; en vir die tydperk van 'n [a]duisend jaar sal die aarde [b]rus.

65 En dit het gebeur dat Henog die dag van die [a]koms van die Seun van die Mens gesien het, in die laaste dae, om in regverdigheid te woon op die aarde vir die tydperk van 'n duisend jaar;

66 Maar voor daardie dag het hy groot beproewings onder die bose gesien; en hy het ook die see gesien, dat dit in beroering was, en mense se harte het hulle [a]gefaal, en gewag in vrees op die [b]oordele van die Almagtige God, wat oor die bose sou kom.

67 En die Here het vir Henog alle dinge getoon, selfs tot die einde van die wêreld; en hy het die dag van die regverdiges gesien, die uur van hulle verlossing, en het 'n volheid van [a]vreugde ontvang;

68 En al die dae van [a]Sion, in die dae van Henog, was driehonderd vyf en sestig jaar.

69 En Henog en al sy mense het met God [a]gewandel, en Hy het in die midde van Sion gewoon; en dit het gebeur dat Sion nie was nie, want God het dit ontvang in sy eie boesem; en vandaar het die gesegde uitgegaan, SION HET GEVLUG.

## HOOFSTUK 8
(Februarie 1831)

*Metúsalag profeteer—Noag en sy seuns predik die evangelie—Groot boosheid heers—Die oproep tot bekering word geminag—God beveel die vernietiging van alle vlees deur die Vloed.*

EN al die dae van Henog was vierhonderd en dertig jaar.

62 *c* Jes. 29:4.
*d* GS Getuienis.
*e* GS Opstanding.
*f* GS Israel—Die versameling van Israel.
*g* GS Nuwe Jerusalem.
63 *a* Openb. 21:9–11; L&V 45:11–12; Moses 7:19–21.
64 *a* GS Millennium.
*b* Moses 7:48.
65 *a* Judas 1:14. GS Tweede Koms van Jesus Christus.
66 *a* Jes. 13:6–7.
*b* GS Oordeel, Die Laaste.
67 *a* GS Vreugde.
68 *a* Gén. 5:23; Moses 8:1.
69 *a* Gén. 5:24; Moses 6:34. GS Wandel, Wandel met God.

2 En dit het gebeur dat [a]Metúsa-
lag, die seun van Henog, nie ge-
neem is nie, sodat die verbonde
van die Here vervul mag word,
wat Hy met Henog gesluit het;
want Hy het waarlik met Henog
ʼn verbond gesluit dat Noag van
die vrug van sy lendene sou
wees.
3 En dit het gebeur dat Metúsa-
lag geprofeteer het dat vanuit sy
lendene al die koninkryke van die
aarde sou voortkom (deur Noag),
en hy het die heerlikheid vir hom-
self geneem.
4 En daar het ʼn groot honger-
snood in die land versprei, en die
Here het die aarde vervloek met
ʼn vreeslike vervloeking, en baie
van die inwoners daarvan het
gesterf.
5 En dit het gebeur dat Metú-
salag eenhonderd sewe en tag-
tig jaar gelewe het, en het Lameg
verwek;
6 En Metúsalag het gelewe, na-
dat hy Lameg verwek het, sewe-
honderd twee en tagtig jaar, en
het seuns en dogters verwek;
7 En al die dae van Metúsalag
was negehonderd nege en sestig
jaar, en hy het gesterwe.
8 En Lameg het eenhonderd
twee en tagtig jaar gelewe, en het
ʼn seun verwek,
9 En hy het sy naam [a]Noag ge-
noem, en gesê: Hierdie seun sal
ons vertroos oor ons werk en die
arbeid van ons hande, vanweë die
grond wat die Here [b]vervloek het.
10 En Lameg het gelewe, nadat
hy Noag verwek het, vyfhonderd
vyf en negentig jaar, en het seuns
en dogters verwek;
11 En al die dae van Lameg was
sewehonderd sewe en sewentig
jaar, en hy het gesterwe.
12 En Noag was vierhonderd
en vyftig jaar oud, en het Jafet
[a]verwek; en twee en veertig jaar
daarna het hy [b]Sem verwek by
haar wat die moeder van Jafet
was, en toe hy vyfhonderd jaar
oud was het hy [c]Ham verwek.
13 En [a]Noag en sy seuns het ag
[b]geslaan op die Here, en het ge-
luister, en hulle is die [c]seuns van
God genoem.
14 En toe hierdie mense begin
om te vermeerder op die aange-
sig van die aarde, en dogters is
vir hulle gebore, het die [a]seuns
van die mense gesien dat die dog-
ters mooi is, en hulle het hul as
vroue geneem, net soos hulle ver-
kies het.
15 En die Here het vir Noag
gesê: Die dogters van jou seuns
het hulleself [a]verkoop; want kyk,
my toorn is ontvlam teenoor die
seuns van die mens, want hulle
wil nie ag slaan op my stem nie.
16 En dit het gebeur dat Noag
geprofeteer het, en die dinge van

---

**8** 2*a* GS Metúsalag.
9*a* GS Noag, Bybelse Patriarg.
*b* Moses 4:23.
12*a* Gén. 5:32. GS Jafet.
*b* GS Sem.
*c* GS Gam.
13*a* L&V 138:41. GS Gabriël.
*b* GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
*c* GS Seuns en Dogters van God.
14*a* Moses 5:52.
15*a* GS Huwelik, Trou—Tussengeloofhuwelik.

God onderrig het, net soos dit was in die begin.

17 En die Here sê vir Noag: My Gees sal nie altyd met die mens [a]werk nie, want hy sal weet dat alle [b]vlees sal sterwe; tog sal sy dae ′n honderd en twintig jaar wees; en indien die mens nie bekeer nie, sal Ek die [c]vloede oor hulle stuur.

18 En in daardie dae was daar [a]reuse op die aarde, en hulle het Noag gesoek om sy lewe te neem, maar die Here was met Noag, en die [b]krag van die Here was op hom.

19 En die Here het [a]Noag [b]georden volgens sy eie [c]orde, en hom gebied dat hy moes uitgaan en sy Evangelie [d]verkondig aan die kinders van mense, net soos dit aan Henog gegee is.

20 En dit het gebeur dat Noag op die kinders van mense ′n beroep gedoen het dat hulle moes [a]bekeer; maar hulle het nie ag geslaan op sy woorde nie;

21 En ook, nadat hulle hom gehoor het, het hulle voor hom gekom en gesê: Kyk, ons is die seuns van God; het ons nie vir onsself die dogters van mense geneem nie? En is ons nie besig om te [a]eet en te drink, en te trou en uit te gee in die huwelik nie? En ons vroue baar vir ons kinders, en hulle is magtige mans, wat soos die mans van ouds is, mans van vernaamheid. En hulle het nie op die woorde van Noag ag geslaan nie.

22 En God het gesien dat die [a]boosheid van die mens groot geword het op die aarde; en elkeen was verhef in die verbeelding van die [b]gedagtes van sy hart, en was voortdurend slegs boos.

23 En dit het gebeur dat Noag voortgegaan het met sy [a]prediking aan die volk, en gesê het: Slaan ag, en luister na my woorde;

24 [a]Glo en bekeer van julle sondes en word [b]gedoop in die Naam van Jesus Christus, die Seun van God, net soos ons vaders, en julle sal die Heilige Gees ontvang, sodat alles aan julle [c]geopenbaar mag word; en indien julle dit nie doen nie, sal die vloede oor julle kom; nietemin het hulle nie ag geslaan nie.

25 En dit het Noag berou, en sy hart was gepynig dat die Here die mens op die aarde gemaak het, en dit het hom in die hart gegrief.

26 En die Here het gesê: Ek sal die mens [a]vernietig wat Ek

17*a* Gén. 6:3; 2 Ne. 26:11; Ether 2:15; L&V 1:33.
*b* 2 Ne. 9:4. GS Vlees.
*c* Gén. 7:4, 10; Moses 7:34.
18*a* Gén. 6:4; Núm. 13:33; Jos. 17:15.
*b* GS Krag.
19*a* Abr. 1:19.
*b* L&V 107:52. GS Ordineer, Ordinering.
*c* GS Melgisédekse Priesterskap.
*d* GS Sendingwerk.
20*a* GS Bekeer, Bekering.
21*a* Matt. 24:38–39; JS—M 1:41.
22*a* Gén. 6:5; Moses 7:36–37.
*b* Mosia 4:30; Alma 12:14. GS Gedagtes.
23*a* GS Preek.
24*a* GS Geloof, Glo.
*b* GS Doop—Vereistes vir die doop.
*c* 2 Ne. 32:2–5.
26*a* GS Aarde—Reiniging van die aarde.

geskape het, vanaf die aangesig van die aarde, beide mens en dier, en die kruipende dinge, en die voëls van die lug; want dit berou Noag dat Ek hulle geskape het, en dat Ek hulle gemaak het; en hy het My aangeroep; want hulle het sy lewe gesoek.

27 En aldus het Noag [a]genade gevind in die oë van die Here; want Noag was ′n regverdige man, en [b]volmaak in sy geslag; en hy het met God [c]gewandel, so ook sy drie seuns, Sem, Gam en Jafet.

28 Die aarde was [a]korrup voor God, en dit was gevul met geweld.

29 En God het die aarde aanskou, en kyk, dit was korrup, want alle vlees het sy pad op die aarde verderwe.

30 En God het vir Noag gesê: Die einde van alle vlees het voor My gekom, want die aarde is gevul met geweld, en kyk Ek sal alle vlees vanaf die aarde [a]vernietig.

27*a* GS Genade.
*b* Gén. 6:9.
*c* GS Wandel, Wandel met God.
28*a* Gén. 6:11–13.
30*a* L&V 56:3.

# DIE BOEK VAN ABRAHAM

## VERTAAL VAN DIE PAPIRUS, DEUR JOSEPH SMITH

*ʼn Vertaling van sommige antieke verslae wat in ons hande beland het van die katakombes van Egipte. Die geskrifte van Abraham terwyl hy in Egipte was, genaamd die Boek van Abraham, geskryf deur sy eie hand, op papirus.*

### HOOFSTUK 1

*Abraham soek die seëninge van die patriargale orde—Hy word vervolg deur valse priesters in Chaldéa—Jehova red hom—Die oorsprong en regering van Egipte word bespreek.*

IN die land van die [a]Chaldeërs,
by die verblyfplek van my vaders, het ek, [b]Abraham, besef dat
dit noodsaaklik vir my was om
ʼn ander [c]verblyfplek te verkry;
2 En omdat ek gevind het dat
daar groter [a]vreugde en vrede en
[b]rus vir my was, het ek gesoek
na die seëninge van die vaders,
en die reg waartoe ek geordineer
moes word om dit te bedien; en
omdat Ek self ʼn volgeling van
[c]regverdigheid was, en begeer
het om iemand te wees wat groot
[d]kennis besit het, en om ʼn groter volgeling van regverdigheid
te wees, en om oor ʼn groter kennis te beskik, en om ʼn vader van
baie nasies te wees, ʼn prins van
vrede, en begeer om onderrig te
ontvang en om die gebooie van
God te onderhou, het ek ʼn regmatige erfgenaam geword, ʼn [e]Hoëpriester wat die [f]reg hou wat aan
die vaders behoort.
3 Dit is aan my [a]toegeken van
die vaders; dit het van die vaders
gekom, vanaf die begin van tyd,
ja, en wel van die begin, of voor
die grondlegging van die aarde,
tot die huidige tyd, naamlik die
reg van die [b]eersgeborene, of die
eerste man, wat [c]Adam is, of eerste vader, deur die vaders aan my.
4 Ek het gepoog om [a]aangestel
te word tot die Priesterskap ooreenkomstig die aanstelling van
God aan die vaders betreffende
die saad.
5 Aangesien my [a]vaders hul
weggekeer het van hulle regverdigheid, en van die heilige gebooie wat die Here hulle God aan
hulle gegee het, na die [b]aanbidding van gode van die heidene,
het hulle volstrek geweier om ag
te slaan op my stem;
6 Want hulle harte was ingestel om kwaad te doen, en was

**1** 1*a* GS Ur.
*b* GS Abraham.
*c* Hand. 7:2–4.
2*a* GS Vreugde.
*b* GS Rus.
*c* GS Regverdigheid, Regverdig.
*d* L&V 42:61. GS Kennis.
*e* GS Hoëpriester.
*f* GS Melgisédekse Priesterskap.
3*a* L&V 84:14.
*b* L&V 68:17. GS Eersgeborene.
*c* Moses 1:34. GS Adam.
4*a* GS Eersgeboortereg.
5*a* Gén. 12:1.
*b* GS Afgodery.

# ’N FAKSIMILEE VAN DIE BOEK VAN ABRAHAM

No. 1




## Verduideliking

Fig. 1. Die Engel van die Here.
Fig. 2. Abraham vasgebind op ’n altaar.
Fig. 3. Die afgodepriester van Élkena poog om Abraham te offer as ’n offerande.
Fig. 4. Die altaar vir offerande deur die afgodepriesters wat voor die gode van Élkena, Libna, Magmakra, Koras, en Farao staan.
Fig. 5. Die afgod van Élkena.
Fig. 6. Die afgod van Libna.
Fig. 7. Die afgod van Magmakra.
Fig. 8. Die afgod van Koras.
Fig. 9. Die afgod van Farao.
Fig. 10. Abraham in Egipte.
Fig. 11. Bedoel om die pilare van die hemel voor te stel, soos deur die Egiptenare verstaan.
Fig. 12. Raukeejang, wat die hemel, of die uitspansel bo ons hoofde aandui; maar in hierdie geval, ten opsigte van hierdie onderwerp het die Egiptenare dit gebruik om Sjaumau aan te dui, om hoog te wees, of die hemele, wat ooreenstem met die Hebreeuse woord, Sjaumajeem.

algeheel gekeer na die [a]god van Élkena, en die god van Libna, en die god van Magmakra, en die god van Koras, en die god van Farao, koning van Egipte;

7 Daarom het hulle hul harte gekeer tot die offerandes van die heidene deur hulle kinders aan hierdie stom afgode te offer, en het nie ag geslaan op my stem nie, maar het gepoog om my lewe te neem deur die hand van die priester van Élkena. Die priester van Élkena was ook die priester van Farao.

8 Nou, op hierdie tydstip was dit die gebruik van die priester van Farao, die koning van Egipte, om op die altaar wat gebou is in die land Chaldéa te offer vir die offerande aan hierdie vreemde gode, mans, vroue en kinders.

9 En dit het gebeur dat die priester 'n offerande aan die god van Farao gemaak het, en ook aan die god van Sjagreël, en wel volgens die wyse van die Egiptenare. Nou die god van Sjagreël was die son.

10 Selfs die dankoffer van 'n kind het die priester van Farao geoffer op die altaar wat by die heuwel genaamd Pótifar se Heuwel gestaan het, aan die bopunt van die vlakte van Olisjem.

11 Nou, hierdie priester het op hierdie altaar drie maagde tegelyk geoffer, wat die dogters was van Onita, iemand van koninklike afkoms direk van die lendene van [a]Gam. Hierdie maagde is geoffer vanweë hulle deug; hulle wou nie [b]neerbuig om gode van hout of van klip te aanbid nie, daarom is hulle gedood op hierdie altaar, en dit is gedoen volgens die wyse van die Egiptenare.

12 En dit het gebeur dat die priesters my met geweld gegryp het, sodat hulle my ook mag doodmaak, net soos hulle gedoen het met daardie maagde op hierdie altaar; en sodat julle 'n kennis mag hê van hierdie altaar, sal ek julle verwys na die afbeelding aan die aanvang van hierdie verslag.

13 Dit was gemaak in die vorm van 'n bed, soos onder die Chaldeërs te vinde was, en dit het voor die gode van Élkena, Libna, Magmakra, Koras asook 'n god soos dié van Farao, koning van Egipte, gestaan.

14 Sodat julle 'n begrip mag hê van hierdie gode, het ek julle 'n voorstelling van hulle gegee deur die figure aan die begin, welke soort figure deur die Chaldeërs Raleënos genoem is, wat hiëroglieweë beteken.

15 En terwyl hulle hul hande opgelig het teen my, sodat hulle my mag offer en my lewe neem, kyk, het ek my stem tot die Here my God verhef, en die Here het [a]ag geslaan en gehoor, en Hy het my gevul met die visioen van die Almagtige, en die engel van sy teenwoordigheid het by my gestaan en onmiddellik my bande [b]losgemaak;

---

6*a* DI die valse gode soos uitgebeeld in Abr., fak. 1.
11 *a* GS Gam.
*b* Dan. 3:13–18.
15 *a* Mosia 9:17–18.
*b* Abr. 2:13.

16 En sy stem was tot my: Abraham, Abraham, kyk, my Naam is [a]Jehova, en Ek het jou gehoor, en Ek het neergedaal om jou te verlos, en om jou weg te neem van jou vader se huis, en van al jou verwante, na ′n vreemde [b]land waarvan jy nie weet nie;

17 En dit omdat hulle hul harte van My weggekeer het, om die God van Élkena, en die god van Libna, en die god van Magmakra, en die god van Koras, en die god van Farao, koning van Egipte te aanbid; daarom het Ek neergedaal om hulle te besoek, en hom te vernietig wat sy hand teen jou opgelig het, Abraham my seun, om jou lewe te neem.

18 Kyk, Ek sal jou aan my hand lei, en Ek sal jou neem, om my Naam op jou te plaas, naamlik die [a]Priesterskap van jou vader, en my mag sal oor jou wees.

19 Soos dit was met Noag, so sal dit met jou wees; maar deur jou bediening sal my [a]Naam op die aarde vir ewig bekend wees, want Ek is jou God.

20 Kyk, Pótifar se Heuwel was in die land [a]Ur, van Chaldéa. En die Here het die altaar van Élkena afgebreek, en van die gode van die land, en het hulle algeheel vernietig, en het die priester geslaan dat hy gesterwe het; en daar was groot weeklaag in Chaldéa, en ook in die hof van Farao; welke Farao beteken koning deur koninklike bloed.

21 Nou, hierdie Koning van Egipte was ′n afstammeling uit die lendene van [a]Gam, en was ′n deelhebber van die bloed van die [b]Kanaäniete deur geboorte.

22 Van hierdie herkoms het al die Egiptenare ontstaan, en aldus is die bloed van die Kanaäniete bewaar in die land.

23 Die land [a]Egipte is eerste deur ′n vrou ontdek, wat die dogter van Gam, en die dogter van Egiptus was, wat in Chaldees Egipte beteken, wat dít wat verbode is, beteken;

24 Toe hierdie vrou die land ontdek het, was dit onder water, wat daarna haar seuns daarop gevestig het; en dus, uit Gam, ontstaan daardie ras wat die vloek in daardie land behou het.

25 Nou, die eerste regering van Egipte is gevestig deur Farao, die oudste seun van Egyptus, die dogter van Gam, en dit was volgens die wyse van die regering van Gam, wat patriargaal was.

26 Aangesien Farao ′n regverdige man was, het hy sy koninkryk gevestig en sy volk verstandig en regverdig regeer al sy dae, en getrou gepoog om daardie orde na te volg wat deur die vaders in die eerste geslagte gevestig is, in die dae van die eerste patriargale heerskappy, naamlik in die

16*a* GS Jehova.
*b* GS Beloofde Land.
18*a* GS Priesterskap.
19*a* Gén. 12:1–3.
20*a* Gén. 11:28; Abr. 2:4.
21*a* Gén. 10:6; Ps. 78:51; Moses 8:12.
*b* Moses 7:6–8. GS Kanaän, Kanaäniet.
23*a* GS Egipte.

heerskappy van Adam, en ook van Noag, sy vader, wat hom geseën het met die [a]seëninge van die aarde, en met die seëninge van wysheid, maar hom vervloek het betreffende die Priesterskap.

27 Nou, aangesien Farao van daardie afkoms was waardeur hy nie die reg tot die [a]Priesterskap kon hê nie, nieteenstaande die Farao's dit graag van Noag wou eis, deur Gam, daarom is my vader deur hulle afgodery weggelei.

28 Maar ek sal poog, hierna, om die kronologie wat terugstrek van myself tot die begin van die skepping te skets, want die [a]kronieke het in my hande beland, wat ek hou tot die huidige tyd.

29 Nou, nadat die Priester van Élkena geslaan is dat hy gesterf het, het daar 'n vervulling gekom van daardie dinge wat aan my gesê is aangaande die land Chaldéa, dat daar 'n hongersnood in die land sou wees.

30 Dienooreenkomstig het 'n hongersnood geheers deur die hele land Chaldéa, en my vader was erg gepynig vanweë die hongersnood, en hy het bekeer van die kwaad wat hy besluit het teen my, om my [a]lewe te neem.

31 Maar die kronieke van die vaders, naamlik die patriarge, aangaande die reg van die Priesterskap, het die Here my God in my eie hande bewaar; daarom, 'n kennis van die begin van die skepping, en ook van die [a]planete, en van die sterre, soos hulle bekendgemaak is aan die vaders, het ek bewaar en wel tot hierdie dag, en ek sal poog om sommige van hierdie dinge in hierdie kroniek te skrywe, tot die voordeel van my nageslag wat na my sal kom.

## HOOFSTUK 2

*Abraham verlaat Ur om na Kanaän te gaan—Jehova verskyn aan hom in Haran—Alle evangeliese seëninge word aan sy saad en deur sy saad aan almal belowe—Hy gaan na Kanaän en verder na Egipte.*

Nou, die Here God het die hongersnood in die land Ur laat erger word, in soverre dat [a]Haran, my broer, gesterwe het; maar [b]Tera, my vader, het steeds in die land Ur gebly, van die Chaldeërs.

2 En dit het gebeur dat ek, Abraham, [a]Sarai as vrou geneem het, en [b]Nahor, my broer, het Milka as vrou geneem, wat die dogter van Haran was.

3 Nou het die Here vir my [a]gesê: Abraham, trek weg uit jou land en van jou verwante, en van jou vader se huis, na 'n land wat Ek jou sal wys.

4 Daarom het ek die land [a]Ur

26*a* GS Seën, Geseënd, Seëning.
27*a* AV 2.
GS Priesterskap.
28*a* Moses 6:5.
GS Boek van Herinnering.
30*a* Abr. 1:7.
31*a* Abr. 3:1–18.
**2** 1*a* Gén. 11:28.
*b* Gén. 11:24–26; 1 Kron. 1:26.
2*a* Gén. 11:29.
GS Sara.
*b* Gén. 11:27; 22:20–24.
3*a* Gén. 12:1; Hand. 7:1–3.
4*a* Neh. 9:7.

verlaat, van die Chaldeërs, om na
die land Kanaän te gaan; en ek het
Lot, my broer se seun, en sy vrou,
en Sarai my vrou geneem; en ook
het my [b]vader my gevolg, na die
land wat ons Haran genoem het.
5 En die hongersnood het afgeneem;
en my vader het vertoef in
Haran en het daar gewoon, aangesien
daar baie kuddes in Haran
was; en my vader het weer teruggedraai
na sy [a]afgodery, daarom
het hy in Haran gebly.
6 Maar ek, Abraham, en [a]Lot,
my broer se seun, het tot die
Here gebid, en die Here het aan
my [b]verskyn en vir my gesê: Begin,
en neem Lot saam met jou;
want Ek het besluit om jou weg
te neem uit Haran, en om van jou
ʼn dienaar te maak om my [c]Naam
te dra in ʼn vreemde [d]land wat Ek
aan jou saad na jou sal gee vir ʼn
ewigdurende besitting, wanneer
hulle ag slaan op my stem.
7 Want Ek is die Here jou God;
Ek woon in die hemel; die aarde is
my [a]voetbank; Ek strek my hand
oor die see, en dit gehoorsaam
my stem; Ek maak die wind en
die vuur om my [b]wa te wees; Ek
sê vir die berge—Vertrek daarheen—en
kyk, hulle word weggeneem
deur ʼn warrelwind, in
ʼn oomblik, skielik.
8 My Naam is [a]Jehova, en Ek
[b]ken die einde van die begin;
daarom sal my hand oor jou wees.
9 En Ek sal van jou ʼn groot nasie
maak, en sal jou bomate [a]seën, en
jou naam groot maak onder alle
nasies, en jy sal ʼn seëning wees
vir al jou saad na jou, dat in hulle
hande hulle hierdie bediening en
[b]Priesterskap aan alle nasies sal
bring;
10 En Ek sal hulle seën deur jou
naam; want soveel as wat hierdie
[a]evangelie ontvang sal na jou
naam genoem word, en sal as jou
[b]saad gereken word, en sal opstaan
en jou seën, as hulle [c]vader.
11 En Ek sal hulle [a]seën wat jou
seën, en hulle vervloek wat jou
vervloek; en in jou (dit is, in jou
Priesterskap) en in jou [b]saad (dit
is, jou Priesterskap), want Ek gee
aan jou ʼn belofte dat hierdie [c]reg
sal voortduur in jou, en in jou
saad na jou (dit wil sê, die letterlike
saad of die saad van die
liggaam) sal al die families van

4 *b* Gén. 11:31–32.
5 *a* Jos. 24:2.
6 *a* GS Lot.
*b* Gén. 17:1. GS Jesus Christus—Vooraardse bestaan van Christus.
*c* Gén. 12:2–3; Abr. 1:19.
*d* Gén. 13:14–15; 17:8; Ex. 33:1. GS Beloofde Land.
7 *a* 1 Ne. 17:39; L&V 38:17.
*b* Jes. 66:15–16.
8 *a* GS Jehova.
*b* GS Alwetend.
9 *a* 1 Ne. 17:40; 2 Ne. 29:14; 3 Ne. 20:27; Morm. 5:20. GS Abraham—Die nageslag van Abraham.
*b* L&V 84:17–19; Moses 6:7. GS Melgisédekse Priesterskap.
10 *a* Gal. 3:7–9.
*b* Gén. 13:16; Gal. 3:29; 2 Ne. 30:2.
*c* GS Patriarg, Patriargaal.
11 *a* GS Abraham, Verbond van.
*b* Jes. 61:9.
*c* GS Eersgeboortereg; Israel; Priesterskap.

die aarde geseën word, naamlik met die seëninge van die Evangelie, wat die seëninge van heil is, naamlik van die ewige lewe.

12 Nou, nadat die Here onttrek het om met my te spreek, en sy aangesig van my onttrek het, het ek in my hart gesê: U dienskneg het U ernstig [a]gesoek; nou het Ek U gevind;

13 U het u engel gestuur om my te [a]verlos van die gode van Élkena, en ek sal goed doen om ag te slaan op u stem, daarom, laat u dienskneg opstaan en in vrede vertrek.

14 Derhalwe het ek, Abraham, vertrek soos die Here vir my gesê het, en Lot saam met my; en ek, Abraham, was twee en [a]sestig jaar oud toe ek uit Haran vertrek het.

15 En ek het [a]Sarai, wat ek as vrou geneem het toe ek in [b]Ur was, in Chaldéa, en Lot, my broer se seun, en al ons besittings wat ons bymekaargemaak het, en die siele wat ons in Haran [c]gewen het, en uitgegaan op die pad na die land [d]Kanaän, en in tente gewoon terwyl ons onderweg was;

16 Daarom, die ewigheid was ons bedekking en ons [a]rots en ons heil, soos ons gereis het van Haran by Jerson langs, om by die land Kanaän te kom.

17 Nou Ek, Abraham, het 'n [a]altaar gebou in die land Jerson, en 'n offerande aan die Here gemaak, en gebid dat die [b]hongersnood weggekeer mag word van my vader se huis, sodat hulle nie mag sterwe nie.

18 En toe het ons van Jerson gereis deur die land na die plek Sigem; dit was geleë op die vlaktes van More, en ons het reeds die grense van die land van die [a]Kanaäniete oorgesteek, en ek het 'n [b]offerande daar in die vlaktes van More geoffer, en het die Here plegtig aangeroep, omdat ons alreeds die land van hierdie afgodsnasie binnegekom het.

19 En die Here het aan my verskyn in antwoord op my gebede, en het vir my gesê: Aan jou saad sal Ek hierdie [a]land gee.

20 En Ek, Abraham, het opgestaan van die plek van die altaar wat ek vir die Here gebou het, en vandaar vertrek na 'n berg aan die oostekant van [a]Bet-el, en het my tent daar opgeslaan, Bet-el aan die weste en [b]Ai aan die ooste; en daar het ek 'n ander altaar vir die Here gebou, en weer die Naam van die Here [c]aangeroep.

21 En ek, Abraham, het gereis, en steeds aangegaan na die suide; en daar was 'n voortsetting van die hongersnood in die land; en ek, Abraham, het besluit om af te

12*a* L&V 88:63.
13*a* Abr. 1:15–17.
14*a* Gén. 12:4–5.
15*a* GS Sara.
*b* GS Ur.
*c* GS Bekeer, Bekering.
*d* GS Kanaän, Kanaäniet.
16*a* GS Rots.
17*a* GS Altaar.
*b* Abr. 1:29.
18*a* Gén. 12:6.
*b* GS Opoffer.
19*a* Gén. 13:12–15; 17:8; Ex. 3:1–10; Núm. 34:2. GS Beloofde Land.
20*a* GS Bet-El.
*b* Gén. 13:3–4.
*c* Gén. 12:8.

gaan na Egipte, om daar te vertoef, want die hongersnood het baie ernstig geword.

22 En dit het gebeur dat toe ek op die punt was om Egipte binne te gaan, het die Here vir my gesê: Kyk, [a]Sarai, jou vrou, is ʼn baie mooi vrou van aansien;

23 Daarom sal dit gebeur dat wanneer die Egiptenare haar sal sien, sal hulle sê—Sy is sy vrou; en hulle sal jou doodmaak, maar hulle sal haar lewe red; daarom, sien toe dat julle as volg optree:

24 Laat haar vir die Egiptenare sê sy is jou suster, en jou siel sal lewe.

25 En dit het gebeur dat ek, Abraham, vir Sarai, my vrou, vertel het, alles wat die Here vir my gesê het—Daarom, sê vir hulle, vra ek jou, dat jy my suster is, sodat dit goed mag gaan met my vanweë jou, en my siel sal lewe as gevolg van jou.

## HOOFSTUK 3

*Abraham leer van die son, maan en sterre deur middel van die Urim en Tummim—Die Here openbaar aan hom die ewige aard van geeste—Hy leer van die vooraardse bestaan, voorafverordinering, die Skepping, die kies van ʼn Verlosser, en die tweede staat van die mens.*

En ek, Abraham het die [a]Urim en Tummim gehad, wat die Here my God aan my gegee het, in Ur van die Chaldeërs.

2 Ek het die [a]sterre gesien, dat hulle baie groot was, en dat een van hulle naaste was aan die troon van God; en daar was baie grotes wat daar naby was;

3 En die Here het vir my gesê: Hierdie is die beherendes; en die naam van die groot een is [a]Kolob, omdat dit naby aan My is, want Ek is die Here jou God: Ek het hierdie een gestel om al daardie te beheer wat tot dieselfde orde behoort as dit waarop jy staan.

4 En die Here het vir my gesê, deur die Urim en Tummim, dat Kolob volgens die wyse van die Here was, wat sy tye en seisoene betref met betrekking tot die omwentelings daarvan; dat een omwenteling ʼn [a]dag vir die Here is, volgens sy wyse van berekening, en dit is eenduisend [b]jaar volgens die tyd toegewys aan dit waarop jy staan. Dit is die berekening van die Here se tyd, volgens die berekening van Kolob.

5 En die Here het vir my gesê: Die planeet wat die mindere lig is, minder as dit wat oor die dag heers, naamlik die nag, is bo of groter as dit waarop jy staan met betrekking tot tydsberekening, want dit beweeg stadiger in sy orde; dit is in orde omdat dit bo die aarde staan waarop jy staan, daarom is die berekening van sy

---

22*a* Gén. 12:11–13.
**3** 1*a* Ex. 28:30; Mosia 8:13; 28:13–16; JS—G 1:35. GS Urim en Tummim.
2*a* Abr. 1:31.
3*a* Sien Abr., faksimilee 2, figure 1–5. GS Kolob.
4*a* Abr. 5:13.
*b* Ps. 90:4; 2 Petr. 3:8.

tyd nie so veel met betrekking tot sy aantal dae, en van maande, en van jare nie.

6 En die Here het vir my gesê: Nou, Abraham, hierdie [a]twee feite bestaan, kyk, jou oë sien dit; dit word aan jou gegee om die tye van berekening te ken, en die gesette tyd, ja, die gesette tyd van die aarde waarop jy staan, en die gesette tyd van die groter lig wat gestel is om oor die dag te heers, en die gesette tyd van die mindere lig wat gestel is om oor die nag te heers.

7 Nou, die gesette tyd van die mindere lig is ′n langer tyd met betrekking tot sy berekening as die berekening van die tyd van die aarde waarop jy staan.

8 En waar hierdie twee feite bestaan, sal daar ′n ander feit bo hulle wees, dit is, daar sal ′n ander planeet wees waarvan die berekening van tyd nog langer sal wees;

9 En dus sal daar ′n berekening van die tyd van een planeet bo ′n ander wees, tot jy naby Kolob kom, welke Kolob volgens die berekening van die Here se tyd is; welke Kolob gestel is naby die troon van God, om al daardie planete te beheer wat aan dieselfde [a]orde behoort as dít waarop jy staan.

10 En dit word aan jou gegee om die gesette tyd van al die sterre wat gestel is om lig te gee, te ken, totdat jy naby aan die troon van God kom.

11 Dus het ek, Abraham, met die Here [a]gespreek van aangesig tot aangesig, soos een mens met ′n ander spreek; en Hy het my vertel van die werke wat sy hande gemaak het;

12 En Hy het vir my gesê: My seun, my seun (en sy hand was uitgestrek), kyk, Ek sal aan jou ál hierdie toon. En Hy het sy hand op my oë geplaas, en ek het daardie dinge gesien wat sy hande gemaak het, wat baie was; en hulle het voor my oë vermenigvuldig, en ek kon nie die einde daarvan sien nie.

13 En Hy het vir my gesê: Dit is Shineha, wat die son is. En Hy het vir my gesê: Kokob, wat ′n ster is. En Hy het vir my gesê: Olea, wat die maan is. En Hy het vir my gesê: Kokaubim, wat sterre aandui, of al die groot ligte, wat in die uitspansel van die hemel was.

14 En dit was in die nag toe die Here hierdie woorde tot my gespreek het: Ek sal jou [a]vermeerder, en al jou [b]saad na jou, net soos hierdie; en as jy die [c]aantal sandkorrels kan tel, so sal die getal van jou saad wees.

15 En die Here het vir my gesê: Abraham, Ek toon hierdie dinge aan julle voordat julle Egipte binnegaan, sodat julle al hierdie woorde kan verkondig.

16 Indien twee dinge bestaan,

6 *a* Abr. 3:16–19.
9 *a* L&V 88:37–44.
11 *a* Gén. 17:1; Núm. 12:5–8.
14 *a* Abr. 2:9.
*b* Gén. 13:16; L&V 132:30.
*c* Gén. 22:17; Hos. 1:10.

# ′N FAKSIMILEE VANUIT DIE BOEK VAN ABRAHAM

No. 2



## Verduideliking

Fig. 1. Kolob, wat die eerste skepping aandui, naaste aan die selestiale, of die woning van God. Eerste in regering, die laaste betreffende die berekening van tyd. Die berekening volgens selestiale tyd, welke selestiale tyd een dag tot ʹn el verteenwoordig. Een dag in Kolob is gelyk aan ʹn duisend jaar volgens die berekening van hierdie aarde, wat deur die Egiptenare Jah-oh-ê genoem word.

Fig. 2. Staan langs Kolob, wat deur die Egiptenare Oliblisj genoem word, wat die volgende hoofbeherende skepping is naby die selestiale of die plek waar God woon; en hou ook die sleutel van mag, betreffende ander planete; soos geopenbaar deur God aan Abraham, terwyl hy ʹn offerande geoffer het op ʹn altaar wat hy vir die Here gebou het.

Fig. 3. Is gemaak om God voor te stel, sittende op sy troon, beklee met mag en gesag; met ʹn kroon van ewige lig op sy hoof; stel ook van die groot Sleutelwoorde van die Heilige Priesterskap voor, soos geopenbaar aan Adam in die Tuin van Eden, so ook aan Set, Noag, Melgisédek, Abraham en almal aan wie die Priesterskap geopenbaar is.

Fig. 4. Is gelyk aan die Hebreeuse woord Raukeejang, wat hemel beteken, of die uitspansel van die hemele; ook ʹn numeriese getal in Egipties wat eenduisend aandui; is volgens die berekening van tyd van Oliblisj, wat gelyk is aan Kolob in sy omwenteling en in sy berekening van tyd.

Fig. 5. Word in Egipties Enisj-ghô-on-dosj genoem; dit is ook een van die beherende planete, en word deur die Egiptenare as die Son beskou, en om sy lig van Kolob te leen deur middel van Kae-e-wanrasj, wat die groot Sleutel, of, met ander woorde, die beherende mag is, wat vyftien ander vaste planete of sterre beheer, asook Floëse of die Maan, die Aarde en die Son in hulle jaarlikse omwentelings. Hierdie planeet ontvang sy krag deur middel van Kli-flos-is-es, of Hah-ko-kau-bim, die sterre word voorgestel deur nommers 22 en 23, wat lig ontvang van die omwentelings van Kolob.

Fig. 6. Stel hierdie aarde voor met sy vier hoeke.

Fig. 7. Stel God voor, sittende op sy troon, en deur die hemele die groot Sleutelwoorde van die Priesterskap openbaar; asook, die teken van die Heilige Gees aan Abraham, in die vorm van ʹn duif.

Fig. 8. Bevat geskrifte wat nie aan die wêreld geopenbaar kan word nie; maar kan in die Heilige Tempel van God verkry word.

Fig. 9. Behoort nie op die huidige tydstip geopenbaar te word nie.

Fig. 10. Net so.

Fig. 11. Net so. Indien die wêreld hierdie simbole kan ontsyfer, laat dit so wees. Amen.

Figure 12, 13, 14, 15, 16, 17, 18, 19, 20, en 21 sal gegee word op die Here se eie bepaalde tyd.

Bogenoemde vertaling word gegee in soverre ons enige reg het om dit te gee op die huidige tydstip.

en daar is een bo die ander, sal
daar groter dinge bo hulle wees;
daarom is [a]Kolob die grootste van
al die Kokaubim wat jy gesien
het, omdat dit naaste aan My is.
17 Nou, indien daar twee dinge
is, die een bo die ander, en die
maan is bo die aarde, dan mag
dit wees dat ′n planeet of ′n ster
bo dit mag bestaan; en daar is
niks wat die Here jou God in sy
hart sal voorneem om te doen nie,
maar Hy sal dit [a]doen.
18 Nietemin het Hy die groter
ster gemaak; net so, ook, indien
daar twee geeste is en die een mag
intelligenter wees as die ander,
tog het hierdie twee geeste, nie-
teenstaande die een intelligen-
ter is as die ander, geen begin
nie; hulle het voorheen bestaan,
hulle sal geen einde hê nie, hulle
sal hierna bestaan, want hulle is
[a]gnolaum of ewig.
19 En die Here het vir my gesê:
Hierdie twee feite bestaan wel,
dat daar twee geeste is, die een
is intelligenter as die ander; daar
sal ′n ander wees, intelligenter as
hulle; Ek is die Here jou God, Ek
is [a]intelligenter as hulle almal.
20 Die Here jou God het sy engel
gestuur om jou te [a]verlos van die
hande van die priester van Élkena.
21 Ek woon in die midde van
hulle almal; Ek, het nou, daarom,
neergedaal na jou om aan jou die
[a]werke wat my hande gemaak
het, te verklaar, waarin my [b]wys-
heid hulle almal oortref, want Ek
heers in die hemele daarbo, en in
die aarde daaronder, in alle wys-
heid en verstandigheid, oor al die
intelligensies wat jou oë gesien
het vanaf die begin; Ek het in die
begin neergedaal in die midde
van al die intelligensies wat jy
gesien het.
22 Nou het die Here aan my,
Abraham, die [a]intelligensies ge-
toon wat georganiseer was [b]voor
die wêreld was; en onder al hier-
die was daar baie van die [c]eerba-
res en grotes.
23 En God het hierdie siele ge-
sien, dat hulle goed was, en Hy
het in die midde van hulle ge-
staan, en Hy het gesê: Hulle sal Ek
my heersers maak; want Hy het
onder diegene wat geeste was, ge-
staan, en Hy het gesien dat hulle
goed was; en Hy het vir my gesê:
Abraham, jy is een van hulle; jy is
[a]gekies voor jy gebore is.
24 En daar het [a]een onder hulle
gestaan wat soos God was, en Hy
het vir diegene gesê wat by Hom
was: Ons sal neerdaal, want daar
is ruimte daar, en ons sal van hier-
die materiaal neem en [b]ons sal ′n

16 *a* Abr. 3:3.
17 *a* Job 9:4–12.
18 *a* *Gnolaum* is ′n transliterasie van ′n Hebreeuse woord wat ewig beteken.
19 *a* Jes. 55:8–9. GS Alwetend.
20 *a* Abr. 1:15.
21 *a* L&V 88:45–47; Moses 1:27–29.
*b* GS Wysheid.
22 *a* GS Intelligensie, Intelligensies.
*b* GS Raadsvergadering in die Hemel; Vooraardse Lewe.
*c* L&V 138:55.
23 *a* Jes. 49:1–5; Jer. 1:5. GS Kies, Gekies, Gekose; Voorafverordinering.
24 *a* GS Eersgeborene.
*b* GS Skep, Skepping.

[c]aarde maak waarop hulle mag woon;

25 En ons sal hulle hierdeur [a]beproef, om te sien of hulle alle dinge sal [b]doen wat die Here hulle God hulle sal gebied;

26 En aan hulle wat hul [a]eerste staat onderhou, sal toegevoeg word; en hulle wat nie hulle eerste staat onderhou nie, sal nie heerlikheid hê in dieselfde koninkryk met diegene wat hulle eerste staat onderhou; en hulle wat hul [b]tweede staat onderhou, sal [c]heerlikheid op hulle hoofde toegevoeg ontvang vir ewig en ewig.

27 En die [a]Here het gesê: Wie sal Ek stuur? En Een soos die [b]Seun van die Mens het geantwoord: Hier is Ek, stuur My. En 'n [c]ander het geantwoord en gesê: Hier is Ek, stuur my. En die Here het gesê: Ek sal die eerste stuur.

28 En die [a]tweede was toornig, en het nie sy eerste staat onderhou nie; en, op daardie dag, het [b]baie hom gevolg.

## HOOFSTUK 4

*Die Gode beplan die skepping van die aarde en alle lewe daarop—Hulle planne vir die ses dae van skepping word uiteengesit.*

En toe het die Here gesê: Laat ons afgaan. En hulle het afgegaan in die [a]begin, en hulle, dit is die Gode, het die hemele en die aarde [b]georganiseer en geformeer.

2 En die aarde, nadat dit geformeer is, was leeg en verlate, omdat hulle niks behalwe die aarde geformeer het nie; en duisternis het op die aangesig van die diepte geheers, en die Gees van die Gode het [a]gebroei op die aangesig van die waters.

3 En hulle (die Gode) het gesê: Laat daar lig wees; en daar was lig.

4 En hulle (die Gode) het die lig begryp, want dit was helder; en hulle het die lig geskei, of dit laat skei, van die duisternis.

5 En die Gode het die lig Dag genoem, en die duisternis het hulle Nag genoem. En dit het gebeur dat van die aand tot die oggend hulle nag genoem het; en van die oggend tot die aand het hulle dag genoem; en dit was die eerste, of die begin, van dit wat hulle dag en nag genoem het.

6 En die Gode het ook gesê: Laat daar 'n [a]uitspansel in die midde van die waters wees, en dit sal die waters skei van die waters.

7 En die Gode het die uitspansel beveel, sodat dit die waters geskei het wat onder die uitspansel

---

24*c* GS Aarde—Geskape vir die mens.
25*a* L&V 98:12–14; 124:55. GS Handelingsmag; Plan van Verlossing.
*b* GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
26*a* Judas 1:6.
*b* GS Sterflik, Sterflikheid.
*c* Tit. 1:2. GS Heerlikheid.
27*a* GS God, Godheid—God die Vader.
*b* GS Jesus Christus; Seun van die Mens.
*c* Moses 4:1–2.
28*a* GS Duiwel.
*b* GS Seuns van die Verderf.
**4** 1*a* Gén. 1:1; Moses 2:1.
*b* GS Skep, Skepping.
2*a* Gén. 1:2; Moses 2:2.
6*a* Gén. 1:4–6; Moses 2:4.

was van die waters wat bo die uitspansel was; en dit was so, net soos hulle beveel het.

8 En die Gode het die uitspansel [a]Hemel genoem. En dit het gebeur dat dit van die aand tot die oggend was wat hulle nag genoem het; en dit het gebeur dat dit van die oggend tot die aand was, en dit was die tweede [b]periode wat hulle nag en dag genoem het.

9 En die Gode het beveel, en gesê: Laat die [a]waters onder die hemel byeen versamel word in [b]een plek, en laat die aarde droog opkom; en dit was soos hulle beveel het;

10 En die Gode het die droë land Aarde genoem; en die versameling van waters het hulle [a]Groot Waters genoem; en die Gode het gesien dat hulle gehoorsaam is.

11 En die Gode het gesê: Laat ons die aarde voorberei om [a]gras voort te bring; die kruid om saad voort te bring; die vrugteboom om vrugte voort te bring, volgens sy soort, waarvan die saad in homself sy eie gelykenis op die aarde voortbring; en dit was so, net soos hulle beveel het.

12 En die Gode het die aarde georganiseer om gras voort te bring van sy eie saad, en die kruid om kruie voort te bring van sy eie saad, en om saad volgens sy eie soort voort te bring; en die aarde om die boom voort te bring volgens sy eie saad, en om vrugte voort te bring, waarvan die saad slegs in homself kon voortbring, na sy soort; en die Gode het gesien dat hulle gehoorsaam is.

13 En dit het gebeur dat hulle die dae getel het; van die aand tot die môre het hulle nag genoem; en dit het gebeur, van die oggend tot die aand het hulle dag genoem; en dit was die derde periode.

14 En die Gode het die [a]ligte in die uitspansel van die hemel georganiseer, en hulle die dag van die nag laat skei; en hulle georganiseer om tekens en seisoene te wees, en vir dae en vir jare;

15 En het hulle georganiseer om ligte te wees in die uitspansel van die hemel om lig te gee op die aarde; en dit was so.

16 En die Gode het die twee groot ligte georganiseer, die [a]groter lig om oor die dag te heers, en die mindere lig om oor die nag te heers; saam met die mindere lig het hulle ook die sterre daargestel;

17 En die Gode het hulle gestel in die uitspansel van die hemele, om lig te gee op die aarde, en om te heers oor die dag en die nag, en om die lig van die duisternis te laat skei.

18 En die Gode het daardie dinge dopgehou wat hulle beveel het tot hulle gehoorsaam is.

---

8*a* GS Hemel.
*b* Gén. 1:8.
9*a* Amos 9:6; Moses 2:7.
*b* Gén. 1:9.
10*a* Gén. 1:10; Abr. 4:22.
11*a* Gén. 1:11–12; Moses 2:11–12.
14*a* L&V 88:7–11.
16*a* Gén. 1:16.

19 En dit het gebeur dat dit van die aand tot die môre dat dit nag was; en dit het gebeur dat dit van die oggend tot die aand dat dit dag was; en dit was die vierde periode.

20 En die Gode het gesê: Laat ons die waters voorberei om oorvloedig die bewegende skepsels wat lewe het, voort te bring; en die voëls, sodat hulle bo die aarde mag vlieg in die ope uitspansel van die hemel.

21 En die Gode het die waters voorberei sodat hulle groot [a]walvisse mag voortbring, en elke lewende skepsel wat beweeg het, wat die waters moes voortbring in oorvloed na hulle soort; en elke gevleuelde voël na hulle soort. En die Gode het gesien dat hulle gehoorsaam sou word, en dat hulle plan goed was.

22 En die Gode het gesê: Ons sal hulle seën, en hulle laat vrugbaar wees en vermeerder, en die waters in die seë of [a]groot waters vul; en die voëls laat vermeerder op die aarde.

23 En dit het gebeur dat dit van die aand tot die oggend was wat hulle nag genoem het; en dit het gebeur dat dit van die oggend tot die aand was wat hulle dag genoem het; en dit was die vyfde periode.

24 En die [a]Gode het die aarde voorberei om die lewende skepsel voort te bring volgens sy soort, vee en kruipende dinge, en diere van die aarde na hulle soort; en dit was so, soos hulle gesê het.

25 En die Gode het die aarde georganiseer om die diere volgens hulle soort voort te bring, en vee na hulle soort, en elke ding wat kruip op die aarde na sy eie soort; en die Gode het gesien dat hulle sou gehoorsaam.

26 En die Gode het [a]raad gehou onder hulleself en gesê: Laat ons neerdaal en die [b]mens formeer na ons [c]beeld, na ons gelykenis; en ons sal hulle heerskappy oor die visse van die see gee, en oor die voëls van die lug, en oor die vee, en oor die hele aarde, en oor elke kruipende ding wat op die aarde kruip.

27 Daarom het die [a]Gode neergedaal om die mens na hul eie beeld te organiseer, na die gelykenis van die Gode om hom te formeer, man en vrou het hulle hul geformeer.

28 En die Gode het gesê: Ons sal hulle seën. En die Gode het gesê: Ons sal hulle laat vrugbaar wees en vermeerder, en die aarde vul, en dit onderwerp, en om heerskappy te hê oor die visse van die see, en oor die voëls van die lug, en oor elke lewende ding wat op die aarde beweeg.

29 En die Gode het gesê: Kyk, ons sal hulle elke kruid wat saad dra gee wat op die aangesig van die hele aarde sal kom, en elke

21 *a* Gén. 1:21; Moses 2:21.
22 *a* Abr. 4:10.
24 *a* GS God, Godheid.
26 *a* GS Raad.
*b* GS Mens die, Mense.
*c* Moses 6:8–10.
27 *a* Gén. 1:26–27; Abr. 5:7.

boom wat vrugte daarop sal hê; ja, die vrugte van die boom wat saad gee aan hulle sal ons dit gee; dit sal vir hulle [a]voedsel wees.

30 En aan elke dier van die aarde, en aan elke voël van die lug, en aan elke ding wat op die aarde kruip, kyk, ons sal hulle lewe gee, en ook sal ons aan hulle elke groen kruid vir voedsel gee, en al hierdie dinge sal so georganiseer word.

31 En die Gode het gesê: Ons sal alles doen wat ons gesê het, en hulle organiseer; en kyk, hulle sal baie gehoorsaam wees. En dit het gebeur dat dit van die aand tot die oggend was en hulle het dit nag genoem; en dit het gebeur dat dit van die oggend tot die aand was wat hulle dag genoem het; en hulle het die [a]sesde periode getel.

## HOOFSTUK 5

*Die Gode voltooi hulle beplanning van die skepping van alle dinge—Hulle bring die Skepping te weeg volgens hulle planne—Adam gee elke lewende skepsel 'n naam.*

En so sal ons die hemele en die aarde voltooi, en al hulle leërskare.

2 En die Gode het onder hulleself gesê: In die [a]sewende periode sal ons ons werk beëindig, waaroor ons beraadslaag het; en ons sal in die sewende periode rus van al ons werk waaroor ons beraadslaag het.

3 En die Gode het in die sewende periode voltooi, omdat hulle sou [a]rus in die sewende periode van al hulle werke waaroor hulle (die Gode) onder hulleself beraadslaag het om te vorm; en dit [b]geheilig. En so was hulle besluite op die tydstip toe hulle onder hulleself beraadslaag het om die hemele en die aarde te formeer.

4 En die Gode het neergedaal en hierdie geslagte van die hemele en die aarde geformeer in die dag wat die Gode die aarde en die hemele geformeer het.

5 In ooreenstemming met alles wat hulle gesê het betreffende elke plant van die veld [a]voordat dit in die aarde was, en elke kruid van die veld voordat dit gegroei het; want die Gode het dit nie laat reën op die aarde toe hulle geraadpleeg het om hulle te skape nie, en het nie 'n man geformeer om die grond te bewerk nie.

6 Maar daar het 'n mis opgegaan van die aarde, en het die hele aangesig van die aarde benat.

7 En die [a]Gode het 'n man van die [b]stof van die aarde geformeer, en sy [c]gees geneem (dit is, die man se gees), en het dit in hom geplaas; en het in sy neusgate die asem van die lewe geblaas, en die man het 'n lewende [d]siel geword.

---

29*a* Gén. 1:29–30.
31*a* Ex. 31:17.
**5** 2*a* GS Sabbatdag.
3*a* Ex. 20:8–11; Mosia 13:16–19.
*b* L&V 77:12.
5*a* GS Geesteskepping.
7*a* Abr. 4:26–31.
*b* Moses 4:25; 6:59.
*c* Gén. 2:7; L&V 93:33. GS Gees; Vooraardse Lewe.
*d* GS Siel.

# ʼN FAKSIMILEE VAN DIE BOEK VAN ABRAHAM

No. 3




## Verduideliking

Fig. 1. Abraham sittende op Farao se troon, deur die goedgunstigheid van die koning, met ʼn kroon op sy hoof, wat die Priesterskap voorstel as simbolies van die groot Presidensie in die Hemel; met die septer van geregtigheid en oordeel in sy hand.

Fig. 2. Koning Farao, wie se naam in die karakters bo sy hoof gegee word.

Fig. 3. Dit beteken Abraham in Egipte soos ook gegee is in Figuur 10 van Faksimilee No. 1.

Fig. 4. Prins van Farao, Koning van Egipte, soos geskryf bo die hand.

Fig. 5. Sjulem, een van die koning se hoofkelners, soos voorgestel deur die karakters bo sy hand.

Fig. 6. Olimla, ʼn slaaf wat aan die prins behoort.

Abraham in bespreking oor die beginsels van Sterrekunde, in die koning se hof.

8 En die Gode het ′n tuin geplant, ooswaarts in [a]Eden, en daar het hulle die man geplaas, wie se gees hulle in die liggaam geplaas het wat hulle geformeer het.

9 En uit die grond het die Gode elke boom laat groei wat aangenaam is om te sien en goed vir voedsel; die [a]boom van die lewe, ook, in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad.

10 Daar was ′n rivier wat uit Eden gevloei het, om die tuin water te gee, en vandaar het dit verdeel en het vier vertakkings geword.

11 En die Gode het die man geneem en hom in die Tuin van Eden geplaas, om dit te bewerk en te versorg.

12 En die Gode het die man gebied, en gesê: Van elke boom van die tuin mag jy vryelik eet,

13 Maar van die boom van kennis van goed en kwaad, sal jy nie eet nie; want op die dag wat jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. Nou ek, Abraham, het gesien dat dit volgens die Here se [a]tyd was, wat volgens die tyd van [b]Kolob was; want tot dusver het die Gode nie aan Adam sy berekening toegewys nie.

14 En die Gode het gesê: Laat ons ′n paslike hulp vir die man maak, want dit is nie goed dat die man alleen moes wees nie, daarom sal ons ′n paslike hulp vir hom maak.

15 En die Gode het ′n diepe slaap oor [a]Adam laat val; en hy het geslaap, en hulle het een van sy ribbes geneem, en het met vlees in die plek daarvan toegemaak;

16 En van die ribbebeen wat die Gode van die man geneem het, het hulle ′n [a]vrou geformeer, en haar na die man geneem.

17 En Adam het gesê: Dit was been van my gebeente, en vlees van my vlees; nou sy sal Vrou genoem word, omdat sy uit die man geneem is;

18 Daarom sal ′n man sy vader en sy moeder verlaat, en sal aan sy vrou [a]kleef; en hulle sal [b]een vlees wees.

19 En hulle was albei naak, die man en sy vrou, en was nie skaam nie.

20 En uit die grond het die Gode elke dier van die veld geformeer, en elke voël van die lug; en hulle na Adam gebring om te sien wat hy hulle sou noem; en wat Adam elke lewende skepsel ook al genoem het, dit moes die naam daarvan wees.

21 En Adam het name gegee aan al die vee, aan die voëls van die lug, aan elke dier van die veld; en vir Adam is daar ′n paslike hulp vir hom gevind.

8*a* GS Eden.
9*a* GS Boom van die Lewe.
13*a* 2 Petr. 3:8.
*b* Abr. 3:2–4. GS Kolob.
15*a* GS Adam.
16*a* GS Eva.
18*a* L&V 42:22; 49:15–16.
*b* GS Huwelik, Trou.

# JOSEPH SMITH—MATTHÉÜS

*ʼn Uittreksel uit die vertaling van die Bybel soos geopenbaar aan Joseph Smith die Profeet in 1831: Matthéüs 23:39 en hoofstuk 24.*

*Jesus voorspel die vernietiging van Jerusalem wat op hande is—Hy bespreek ook die Tweede Koms van die Seun van die Mens, en die vernietiging van die bose.*

WANT Ek sê vir julle, dat julle My voortaan nie sal sien nie en weet dat Ek Hy is van wie dit geskryf is deur die profete, totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat [a]kom in die Naam van die Here, in die wolke van die hemel, en al die heilige engele met Hom. Toe het sy dissipels begryp dat Hy weer na die aarde sou kom, nadat hy verheerlik en gekroon is aan die regterhand van [b]God.

2 En Jesus het uitgegaan en vertrek vanaf die tempel; en sy dissipels het na hom gekom, om Hom te hoor, en gesê: Meester, toon ons aangaande die geboue van die tempel soos U gesê het—Hulle sal neergewerp word, en vir julle verlate gelaat word.

3 En Jesus het vir hulle gesê: Sien julle nie al hierdie dinge nie, en begryp julle hulle nie? Voorwaar Ek sê vir julle daar sal nie hier, op hierdie tempel, een [a]klip op ʼn ander gelaat word wat nie neergewerp sal word nie.

4 En Jesus het hulle verlaat en die [a]Olyfberg bestyg. En terwyl Hy op die Olyfberg gesit het, het die dissipels alleen na Hom gekom en gesê: Vertel vir ons wanneer al hierdie dinge sal gebeur wat U gesê het aangaande die vernietiging van die tempel, en die Jode; en wat is die [b]teken van u [c]koms, en van die [d]einde van die wêreld, of die vernietiging van die [e]bose, wat die einde van die wêreld is?

5 En Jesus het geantwoord, en vir hulle gesê: Wees versigtig sodat niemand julle bedrieg nie.

6 Want baie sal kom in my Naam, en sê—Ek is Christus—en sal baie bedrieg;

7 Dan sal hulle jul oorlewer om [a]verdruk te word, en sal julle doodmaak, en julle sal [b]gehaat word deur alle nasies, ter wille van my Naam;

8 En dan sal baie tot ʼn val kom, en sal mekaar verraai, en sal mekaar haat;

9 En baie vals profete sal opstaan, en sal vele bedrieg;

---

**1** 1*a* Matt. 26:64; Hand. 1:11.
*b* GS God, Godheid.
3*a* Lk. 19:44.
4*a* GS Olyfberg.
*b* Lk. 21:7–36; L&V 45:16–75. GS Laaste Dae; Tekens van die Tye.
*c* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
*d* GS Wêreld—Einde van die wêreld.
*e* Mal. 4:1; L&V 133:64–74. GS Boos, Boosheid.
7*a* 1 Petr. 4:12–14.
*b* GS Vervolg, Vervolging.

10 En omdat ongeregtigheid hoogty sal vier, sal die [a]liefde van vele koud word;

11 Maar hy wat standvastig bly en nie oorwin word nie, hy sal gered word.

12 Wanneer julle, daarom, die [a]gruwel van verwoesting sal sien, waarvan [b]Daniël die profeet gespreek het, aangaande die vernietiging van [c]Jerusalem, dan sal julle op die [d]heilige plek staan; wie ook al lees, laat hom verstaan.

13 Laat hulle dan wat in Judéa is, vlug na die [a]berge;

14 Laat hom wat op die huis se dak is, vlug, en nie terugkeer om enigiets uit sy huis te neem nie;

15 Laat hom wat in die veld is ook nie terugkeer om sy klere te neem nie;

16 En wee hulle wat [a]swanger is, en diegene wat soog in daardie dae;

17 Daarom, bid julle tot die Here dat julle vlug nie in die winter is nie, nóg op die Sabbatdag;

18 Want dan, in daardie dae, sal daar groot beproewing kom oor die [a]Jode en oor die inwoners van [b]Jerusalem, soos nog nooit voorheen oor Israel gestuur is nie, van God, sedert die begin van hulle koninkryk tot hierdie tyd; nee, nóg sal dit ooit weer oor Israel gestuur word.

19 Alle dinge wat met hulle gebeur het is slegs die begin van die verdriet wat oor hulle sal kom.

20 En tensy daardie dae verkort sou word, sal niks van hulle vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes, ooreenkomstig die verbond, sal daardie dae verkort word.

21 Kyk, hierdie dinge het Ek tot julle gespreek aangaande die Jode; en verder, na die beproewing van daardie dae wat oor Jerusalem sal kom, indien enigeen vir julle sal sê, Kyk, hier is Christus, of daar, glo hom nie;

22 Want in daardie dae sal daar ook vals Christusse opstaan, en vals profete, en sal groot tekens en wonders toon, in soverre dat, indien dit moontlik was, hulle selfs die uitverkorenes sou bedrieg, wat die uitverkorenes is ooreenkomstig die verbond.

23 Kyk, Ek spreek hierdie dinge tot julle ter wille van die [a]uitverkorenes; en julle sal ook hoor van [b]oorloë, en gerugte van oorloë; sorg dat julle nie verontrus word nie, want alles wat Ek julle vertel het, moet geskied; maar die einde is nog nie.

24 Kyk, Ek het julle voorheen gesê;

25 Daarom, indien hulle vir julle sal sê: Kyk, Hy is in die woestyn; moenie uitgaan nie: Kyk, Hy is in die binnekamers; glo dit nie;

26 Want soos die lig van die oggend uit die [a]ooste kom, en selfs tot die weste skyn en die hele

10 *a* L&V 45:27.
12 *a* Dan. 12:11.
*b* GS Daniël.
*c* GS Jerusalem.
*d* L&V 101:22–25.
13 *a* L&V 133:13.
16 *a* Lk. 23:29–30.
18 *a* GS Jode.
*b* Sag. 12; 14:1–5.
23 *a* GS Uitverkore.
*b* L&V 45:26.
26 *a* Eség. 43:2.

aarde bedek, so sal die koms van die Seun van die Mens ook wees.

27 En nou toon Ek aan julle 'n gelykenis. Kyk, waar ook al die karkas is, daar sal die arende bymekaar wees; net so sal my uitverkorenes vanuit die vier hoeke van die aarde [a]bymekaargemaak word.

28 En hulle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë.

29 Kyk, Ek spreek ter wille van my uitverkorenes; want nasie sal opstaan teen nasie, en koninkryk teen koninkryk; daar sal [a]hongersnood wees, en pestilensies, en aardbewings in verskeie plekke.

30 En verder, omdat ongeregtigheid oorvloedig sal wees, sal die liefde van mense verkoel; maar hy wat nie oorweldig sal word nie, hy sal gered word.

31 En verder, hierdie Evangelie van die Koninkryk sal in die hele [a]wêreld gepredik word, as 'n getuienis aan alle nasies, en dan sal die einde kom, of die vernietiging van die goddelose.

32 En verder sal die gruwel van verwoesting waarvan Daniël die profeet gespreek het, vervul word.

33 En onmiddellik na die beproewings van daardie dae, sal die [a]son verduister word, en die maan sal nie haar lig gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die magte van die hemel sal geskud word.

34 Voorwaar, Ek sê vir julle, hierdie geslag, waarin hierdie dinge getoon sal word, sal nie verbygaan totdat alles wat Ek julle vertel het, vervul sal word nie.

35 Alhoewel die dae sal kom dat die hemel en die aarde sal verbygaan; tog sal my [a]woorde nie verbygaan nie, maar alles sal vervul word.

36 En, soos Ek voorheen gesê het, na die [a]beproewings van daardie dae, en die magte van die hemele geskud word, dan sal die teken van die Seun van die Mens verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde weeklaag; en hulle sal die Seun van die Mens sien [b]neerdaal in die wolke van die hemel, met mag en groot heerlikheid;

37 En wie ook al my [a]woord bewaar, sal nie verlei word nie, want die Seun van die Mens sal kom, en Hy sal sy [b]engele voor Hom uitstuur met die groot klank van 'n trompet, en hulle sal die res van sy uitverkorenes [c]bymekaarmaak van die vier windstreke, van die een kant van die hemel tot die ander.

38 Nou, leer 'n gelykenis van die [a]vyeboom—Terwyl sy takke nog sag is, en dit begin blare uitstoot, weet jy dat die somer op hande is;

39 Net so, sal my uitverkorenes, wanneer hulle al hierdie dinge sal sien, sal hulle weet dat Hy naby is, en digby by die deure;

27*a* GS Israel—Die versameling van Israel.
29*a* L&V 43:24–25.
31*a* Matt. 28:19–20.
33*a* Joël 2:10; L&V 29:14.
35*a* L&V 1:38.
36*a* JS—M 1:18.
*b* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
37*a* GS Skrifture.
*b* L&V 29:11–15.
*c* GS Israel—Die versameling van Israel.
38*a* L&V 35:16.

40 Maar van daardie dag, en uur, [a]weet niemand nie; nee, nie die engele van God in die hemel nie, maar slegs my Vader.

41 Maar soos dit was in die dae van [a]Noag, so sal dit ook wees by die koms van die Seun van die Mens;

42 Want dit sal met hulle wees, soos dit was in die dae wat voor die [a]vloed was; want tot die dag wat Noag die ark binnegegaan het, was hulle besig om te eet en te drink, te trou en in die huwelik gegee te word;

43 En hulle het nie geweet totdat die vloed gekom het nie, en hulle almal weggeneem het; so ook sal die koms van die Seun van die Mens wees.

44 Dan sal vervul word dit wat geskryf is, dat in die [a]laaste dae, twee in die veld sal wees, die een sal geneem word, en die ander [b]agtergelaat word;

45 Twee sal maal by die meule, die een sal geneem word, en die ander agtergelaat word;

46 En wat Ek vir een sê, sê Ek vir alle mense; [a]waak, daarom, want julle weet nie op watter uur julle Here kom nie.

47 Maar weet dit, indien die heer van die huis geweet het in watter nagwaak die dief sou kom, sou hy gewaak het, en sou nie toelaat dat by sy huis ingebreek word nie, maar sou gereed gewees het.

48 Daarom, wees julle ook gereed, want op so ′n uur wat julle nie dink nie, kom die Seun van die Mens.

49 Wie dan, is ′n [a]getroue en verstandige dienskneg, wat sy heer heerser gemaak het oor sy diensknegte om hulle voedsel te gee op die gepaste tyd?

50 Geseënd is daardie dienskneg wie se heer, wanneer hy kom, so besig sal vind; en voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom heerser oor al sy goedere maak.

51 Maar as die bose dienskneg in sy hart sal sê: My heer [a]vertraag sy koms,

52 En sal begin om sy medediensknegte te slaan, en om saam met die dronkaards te eet en te drink,

53 Die heer van daardie dienskneg sal op ′n dag kom wanneer hy hom nie verwag nie, en op ′n uur waarvan hy nie bewus is nie,

54 En sal hom in stukke kap, en sal hom sy deel toewys onder die huigelaars; daar sal ′n geween en [a]gekners van tande wees.

55 En so kom die [a]einde van die bose, volgens die profesie van Moses, en het gesê: Hulle sal afgesny word van onder die volk; maar die einde van die aarde is nog nie, maar weldra.

---

40*a* L&V 39:20–21; 49:7.
41*a* Gén. 6:5.
42*a* GS Vloed tydens Noag se Tyd.
44*a* GS Laaste Dae.
*b* Sag. 13:8.
46*a* GS Waak, Wagte.
49*a* GS Vertrou.
51*a* L&V 45:26.
54*a* Matt. 8:12.
55*a* 2 Ne. 30:10; L&V 1:9–10; 29:17. GS Wêreld—Einde van die wêreld.

# JOSEPH SMITH— GESKIEDENIS

## UITTREKSELS VAN DIE GESKIEDENIS VAN JOSEPH SMITH, DIE PROFEET

*Joseph Smith vertel van sy afkoms, familielede en hulle vroeëre woonplekke—'n Ongewone opgewondenheid oor godsdiens heers in westelike New York—Hy neem hom voor om na wysheid te soek soos aangeraai deur Jakobus—Die Vader en die Seun verskyn, en Joseph word tot sy profetiese bediening geroep. (Verse 1–20.)*

AS gevolg van die talle gerugte wat in omloop geplaas is deur boosaardige en listige persone ten opsigte van die [a]opkoms en vooruitgang van [b]Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, alles wat beplan is deur die opstokers daarvan om aan haar karakter as 'n Kerk en haar vooruitgang in die wêreld afbreuk te doen—is ek oorreed om hierdie geskiedenis te skryf, om die openbare opinie reg te stel, en alle soekers na die waarheid in besit te plaas van die feite, soos hulle plaasgevind het, ten opsigte van beide myself en die Kerk, in soverre ek sodanige feite in my besit het.

2 In hierdie geskiedenis sal ek die onderskeie gebeure ten opsigte van hierdie Kerk, in waarheid en regverdigheid, soos hulle plaasgevind het, of soos hulle tans bestaan, beskryf, en dit is nou [1838] die agtste jaar sedert die [a]organisasie van die Kerk.

3 [a]Ek is gebore in die jaar van ons Here eenduisend agthonderd en vyf, op die drie en twintigste dag van Desember, in die dorp Sharon, Windsor-distrik, Staat Vermont. . . . My vader, [b]Joseph Smith, Snr., het die Staat Vermont verlaat en na Palmyra verhuis, Ontario (nou Wayne)-distrik, in die staat New York, toe ek in my tiende jaar was, of daaromtrent. Ongeveer vier jaar na my vader se aankoms in Palmyra, het hy saam met sy gesin na Manchester in dieselfde Ontario-distrik verhuis—

4 Sy familie het bestaan uit elf siele, naamlik my vader, [a]Joseph Smith; my [b]moeder, Lucy Smith (wie se van voor haar huwelik Mack was, dogter van Solomon Mack); my broers [c]Alvin (wat op 19 November 1823 oorlede is, in sy 26ste lewensjaar), [d]Hyrum, ek,

---

**1** 1*a* GS Herstelling van die Evangelie.
*b* GS Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, Die.
2*a* L&V 20:1.
3*a* GS Smith, Joseph, Jr.
*b* 2 Ne. 3:15.
4*a* GS Smith, Joseph, Snr.
*b* GS Smith, Lucy Mack.
*c* L&V 137:5–6.
*d* GS Smith, Hyrum.

[e]Samuel Harrison, William, Don Carlos; en my susters Sophronia, Catherine en Lucy.

5 Een of ander tyd in die tweede jaar na ons verhuising na Manchester was daar in die plek waar ons gewoon het, ′n ongewone opgewondenheid oor die onderwerp van godsdiens. Dit het begin met die Metodiste, maar het spoedig algemeen geword onder al die sektes in daardie streek van die land. Trouens, die hele distrik van die land is klaarblyklik daardeur geraak, en groot skares het hulle verenig met die verskillende godsdienstige partye, wat ′n nie geringe beroering en verdeling onder die mense veroorsaak het, sommige het geroep, "[a]Kyk, hier!" en ander, "Kyk daar!" Sommiges het hulle beywer vir die Metodistiese geloof, sommige vir die Presbiteriane, en sommige vir die Baptiste.

6 Want, nieteenstaande die groot liefde wat die bekeerlinge tot hierdie verskillende gelowe uitgespreek het ten tye van hulle bekering, en die groot ywer geopenbaar deur die onderskeie predikers wat bedrywig was in die organisering en bevordering van hierdie buitengewone godsdienstige gevoel, sodat almal bekeer mag word, soos hulle dit graag wou noem, laat hulle aansluit by welke sekte hulle wil; tog, toe die bekeerlinge begin het om af te val, sommige na een party en sommige na ′n ander, is dit opgemerk dat die skynbare goeie gevoelens van beide die priesters en die bekeerlinge meer voorwendsel as eg was; want ′n toneel van groot verwarring en kwade gevoelens het ontstaan—priester het met priester gestry, en bekeerling met bekeerling; sodat al hulle goeie gesindheid teenoor mekaar, indien hulle ooit enige gehad het, geheel en al verlore was in ′n [a]stryd van woorde en ′n onenigheid oor opinies.

7 Ek was in my vyftiende jaar op hierdie stadium. My vader se gesin is tot die Presbiteriaanse geloof bekeer, en vier van hulle het by daardie kerk aangesluit, naamlik my moeder, Lucy; my broers Hyrum en Samuel Harrison; en my suster Sophronia.

8 Gedurende hierdie tyd van groot opgewondenheid is my gedagtes opgeroep tot ernstige nadenke en groot onrustigheid; maar alhoewel my gevoelens diep en dikwels intens was, tog het ek my afgesonder van al hierdie partye, alhoewel ek verskeie van hulle vergaderings bygewoon het so dikwels as wat omstandighede toegelaat het. Met verloop van tyd het my gevoelens begin neig na die Metodiste sekte, en ek het ′n begeerte gevoel om met hulle verenig te word; maar só groot was die verwarring en onenigheid onder die verskillende kerkgenootskappe, dat dit onmoontlik was vir ′n jong persoon soos ek en so onbekend met mense en dinge,

4*e* GS Smith, Samuel H.

5*a* Matt. 24:23.

6*a* GS Twis.

om tot enige sekere gevolgtrekking te kom oor wie reg en wie verkeerd was.

9 My gedagtes was by tye grootliks opgewonde, die geskree en rumoer was so luid en onophoudelik. Die Presbiteriane was baie gekant teen die Baptiste en Metodiste, en het al die magte van beide rede en drogredenering om hulle foute uit te wys, gebruik, of, ten minste, om die mense te laat dink dat hulle gefouteer het. Aan die ander kant het die Baptiste en Metodiste op hulle beurt net so geesdriftig gepoog om hulle eie leerstellings te vestig en alle ander te weerlê.

10 Te midde van hierdie woordeoorlog en gerumoer van opinies, het ek dikwels vir myself gesê: Wat moet gedoen word? Wie van al hierdie partye is [a]reg; of, is hulle almal saam verkeerd? Indien een van hulle reg is, watter een is dit en hoe sal ek dit weet?

11 Terwyl ek gearbei het onder die uitermatige bekommernis veroorsaak deur die argumente van hierdie partye van godsdiensyweraars, was ek eendag besig om die Sendbrief van Jakobus te lees, eerste hoofstuk en vyfde vers, wat as volg lui: *Indien enige van julle wysheid kortkom, laat hom vir God vra, wat vryelik aan alle mense gee, en nie verwyt nie; en dit sal hom gegee word.*

12 Nog nooit het enige skrifgedeelte met meer krag na die hart van 'n mens gekom as wat hierdie op hierdie tydstip na myne gekom het nie. Dit was asof dit met groot krag elke gevoel van my hart binnegedring het. Ek het keer op keer daaroor nagedink, wetende dat indien enige persoon wysheid van God kortkom, was dit ek; want hoe om op te tree het ek nie geweet nie, en tensy ek meer wysheid kon kry as wat ek toe gehad het, sou ek nooit weet nie; want die godsdiensleraars van die verskillende sektes het dieselfde skrifgedeeltes só verskillend [a]geïnterpreteer dat alle vertroue vernietig is om die saak op te los deur te beroep op die [b]Bybel.

13 Na 'n tydperk het ek tot die gevolgtrekking gekom dat ek óf in duisternis en verwarring moes bly, of anders moet ek doen soos Jakobus aanraai, dit is, om vir God te vra. Na 'n tydperk het ek tot die besluit gekom om "vir God [te] [a]vra," en tot die gevolgtrekking gekom dat indien Hy wysheid gee aan hulle wat wysheid kortkom, en vryelik sou gee, en nie verwyt nie, ek mag probeer.

14 Daarom, in oorstemming hiermee, my besluit om vir God te vra, het ek my afgesonder in die woud om die poging aan te wend. Dit was op die oggend van 'n pragtige, helder dag, vroeg in die lente van agtienhonderd en twintig. Dit was die eerste keer in my lewe dat ek so 'n poging

10*a* GS Waarheid.
12*a* 1 Kor. 2:10–16.
*b* GS Bybel.
13*a* GS Gebed.

aangewend het, want te midde van al my bekommernisse het ek tot op hede nog nooit die poging aangewend om hardop te [a]bid nie.

15 Nadat ek my begewe het na die plek waarheen ek vooraf beplan het om te gaan, en nadat ek rondom my gekyk het, en gesien het dat ek alleen was, het ek neergekniel en begin om die begeertes van my hart aan God opgedra. Ek het dit skaars gedoen, toe ek onmiddellik oorweldig is deur een of ander mag wat my totaal oorkom het, en wat so ′n ongelooflike invloed oor my gehad het om my tong te bind sodat ek nie kon praat nie. Dik duisternis het my omhul, en dit het vir my vir ′n ruk gevoel asof ek verdoem is tot skielike vernietiging.

16 Maar, deur die uitoefening van al my mag om God aan te [a]roep om my te verlos van die mag van hierdie vyand wat my oorweldig het, en op die presiese oomblik wat ek gereed was om in wanhoop weg te sink en myself oor te gee aan vernietiging—nie aan ′n denkbeeldige verwoesting nie, maar aan die mag van een of ander werklike wese van die onsigbare wêreld wat so ′n wonderbaarlike mag gehad het wat ek nog nooit voorheen gevoel het in enige wese nie—net op hierdie oomblik van groot ontsteltenis, het ek ′n [b]ligpilaar reg bo my hoof gesien, bo die helderheid van die [c]son, wat geleidelik neergedaal het tot dit op my geval het.

17 Dit het skaars verskyn, toe ek myself verlos gevoel het van die vyand wat my gebonde gehou het. Toe die lig op my rus, het ek [a]twee Persone [b]gesien, wie se helderheid en [c]heerlikheid alle beskrywing oorskry, wat bo my in die lug staan. Een van hulle het met my gespreek, en my op die naam genoem en gesê, terwyl Hy na die ander gewys het—*Dit is my* [d]*Geliefde* [e]*Seun. Hoor Hom!*

18 My doel om te gaan [a]navraag doen by die Here was om te weet watter van al die sektes reg was, sodat ek mag weet by watter een ek moes aansluit. Ek het skaars, derhalwe, beheer verkry oor myself, om in staat te wees om te praat, toe vra ek die Persone wat bo my in die lug gestaan het watter van al die sektes reg was (want op hierdie tydstip het dit nooit in my hart opgekom dat almal verkeerd was nie)—en by watter een ek moes aansluit.

19 Ek is geantwoord dat ek by geen van hulle moes aansluit nie, want hulle was almal [a]verkeerd; en die Persoon wat my aangespreek het, het gesê dat al hulle leringe ′n gruwel in sy oë was; dat daardie belyers almal korrup

14 *a* GS Gebed.
16 *a* Moses 1:20.
*b* Hand. 26:13.
*c* Openb. 1:16.
17 *a* Hand. 7:55–56; Kol. 3:1.
GS God, Godheid.
*b* GS Visioen.
*c* GS Heerlikheid.
*d* Matt. 3:17; 17:5; 3 Ne. 11:7.
*e* GS Jesus Christus.
18 *a* L&V 6:11; 46:7.
19 *a* Ps. 14.
GS Afval—Afvalligheid van die vroeë Christelike kerk.

was; dat: "hulle [b]nader My met hulle lippe, maar hulle [c]harte is ver van My, hulle onderrig vir [d]leerstellings die gebooie van mense, en het 'n [e]skyn van goddelikheid, maar verloën die mag daarvan."

20 Hy het my weer verbied om by enigeen van hulle aan te sluit; en baie ander dinge het Hy vir my gesê, wat ek nie op hierdie tydstip kan skryf nie. Toe ek weer tot myself gekom het, het ek myself op my rug bevind, en in die hemel opkyk. Nadat die lig verdwyn het, het ek geen krag gehad nie; maar spoedig nadat ek tot 'n mate herstel het, het ek huis toe gegaan. Terwyl ek teen die kaggel geleun het, het moeder navraag gedoen oor wat die probleem was. Ek het geantwoord, "Moenie bekommer nie, alles is in orde—dit gaan redelik goed." Ek het toe vir my moeder gesê, "Ek het vir myself vasgestel dat Presbiterianisme nie waar is nie." Dit blyk dat die [a]teenstander bewus was, op 'n baie vroeë stadium van my lewe, dat ek bestem was om 'n versteurder en 'n ontstigter van sy koninkryk te wees; anders, waarom sou die magte van die duisternis saamspan teen my? Waarom die [b]teenstand en vervolging wat teen my ontstaan het, feitlik in my kinderjare?

*Sommige predikers en ander belyers van godsdiens verwerp die verslag van die Eerste Visioen—Vervolging word op Joseph Smith gestapel—Hy getuig van die waarheid van die visioen. (Verse 21–26.)*

21 'n Paar dae nadat ek hierdie [a]visioen gehad het, was ek toevallig in die geselskap van een van die Metodiste predikers wat baie aktief was in die bogenoemde godsdienstige opwinding; oor die onderwerp van godsdiens, en het ek die geleentheid gebruik om hom 'n verslag te gee van die visioen wat ek gehad het. Ek was grootliks verbaas oor sy gedrag; hy het nie net my mededeling ligtelik opgeneem nie, maar met groot minagting, en het gesê dat alles van die duiwel is, dat daar nie sulke dinge soos [b]visioene of [c]openbarings in hierdie dae was nie; dat alle sulke dinge opgehou het met die apostels, en dat daar nooit meer van hulle sou wees nie.

22 Ek het egter gou gevind dat my vertelling van die gebeure 'n groot mate van vooroordeel opgewek het teen my onder die belyers van godsdiens, en was die oorsaak van groot [a]vervolging, wat aangehou het om toe te neem; en alhoewel ek 'n [b]onbekende seun was, slegs tussen

---

19 *b* Jes. 29:13–14; Eség. 33:30–31.
*c* GS Afval—Algemene afval.
*d* Tit. 1:14; L&V 45:29.
*e* 2 Tim. 3:5.

20 *a* GS Duiwel.
*b* 2 Ne. 2:11; L&V 58:2–4. GS Teenstand.

21 *a* GS Eerste Visioen.
*b* GS Visioen.
*c* GS Openbaring.

22 *a* Jak. 5:10–11. GS Vervolg, Vervolging.
*b* 1 Sam. 16:7; Alma 37:35.

veertien en vyftien jaar van ouderdom, en my omstandighede in die lewe sodanig om ′n seun van geen belang in die wêreld te maak, tog sou vooraanstaande mans genoegsame kennis neem om die openbare gevoel teen my op te wek, en ′n bittere vervolging te ontketen; en dit was algemeen onder al die sektes—almal het verenig om my te vervolg.

23 Dit het tóé ernstige nadenke by my veroorsaak, en sedertdien dikwels, hoe vreemd dit was dat ′n onbekende seun, ′n bietjie ouer as veertien jaar, en ook een wat gedoem was om ′n skrale heenkome te verkry deur sy daaglikse arbeid, as ′n individu van genoegsame belang beskou sou word om die aandag te trek van die grotes van die mees gewilde sektes van die dag, en op ′n wyse om in hulle ′n gees te skep van die bitterste vervolging en kwaadsprekery. Maar vreemd of nie, dit was so, en dit was dikwels die oorsaak van groot droefheid vir my.

24 Nieteenstaande, dit was nietemin ′n feit dat ek ′n visioen gesien het. Ek het sedertdien gedink dat ek baie soos [a]Paulus gevoel het, toe hy homself voor Koning Ágrippa [b]verdedig het, en die beskrywing van die visioen wat hy gehad het toe hy ′n lig gesien het, en gehoor het; maar tog was daar net ′n paar wat hom geglo het; sommige het gesê dat hy oneerlik was, ander het gesê dat hy mal was; en hy is bespot en beledig. Maar dit alles het nie die werklikheid van sy visioen vernietig nie. Hy het ′n visioen gesien, hy weet hy het, en al die vervolging onder die hemel kon dit nie anders maak nie; en alhoewel hulle hom sou vervolg tot die dood toe, tog het hy geweet, en sou weet tot sy laaste asem, dat hy beide ′n lig gesien en ′n stem gehoor het wat tot hom gespreek het, en die hele wêreld kon hom nie anders laat dink of glo nie.

25 So was dit met my. Ek het werklik ′n lig gesien; en te midde van daardie lig het ek twee [a]Persone gesien, en Hulle het werklik met my gespreek; en alhoewel ek gehaat en vervolg is omdat ek gesê het dat ek ′n visioen gesien het, tog is dit waar; en terwyl hulle besig was om my te vervolg, en my te beledig en allerlei booshede valslik teen my gespreek het omdat ek so gesê het, is ek in my hart gelei om te sê: Waarom my vervolg omdat ek die waarheid vertel? Want ek het werklik ′n visioen gesien; en wie is ek dat ek God kan weerstaan, of hoekom dink die wêreld dat hulle my kan laat ontken wat ek werklik gesien het? Ek hét ′n visioen gesien; ek het dit geweet, en ek het geweet dat God dit weet, en ek kon dit nie [b]ontken nie; nóg het ek gewaag om dit te doen; ten minste het ek geweet dat deur dit

24*a* GS Paulus.
*b* Hand. 26.
25*a* JS—G 1:17.
*b* GS Integriteit; Moed, Moedig.

te doen, sou ek God aanstoot gee, en onder veroordeling kom.

26 Ek het nou vrede in my gemoed gehad sover dit die sektariese wêreld aangaan—dat dit nie my plig was om by enigeen van hulle aan te sluit nie, maar om voort te gaan soos ek gedoen het, tot verdere opdrag. Ek het bevind dat die [a]getuienis van Jakobus waar was—dat 'n mens wat wysheid kortkom, God mag vra, en verkry, en nie verwyt word nie.

*Moroni verskyn aan Joseph Smith—Joseph se naam sal ten goede en ten kwade bekend wees onder alle nasies—Moroni vertel vir hom van die Boek van Mormon en van die komende oordele van die Here en haal baie skrifture aan—Die wegsteekplek van die goue plate word geopenbaar—Moroni hou aan om die Profeet te onderrig. (Verse 27–54.)*

27 Ek het voortgegaan om my normale lewenstake te verrig tot die een en twintigste September eenduisend agt honderd drie en twintig, en het die hele tyd hewige vervolging aan die hande van alle klasse mense gely, beide godsdienstig en niegodsdienstig, omdat ek volgehou het om te bevestig dat ek 'n visioen gesien het.

28 Gedurende die tydperk wat gestrek het tussen die tyd wat ek die visioen gehad het en die jaar eenduisend agt honderd drie en twintig—omdat ek verbied was om by enige van die godsdienstige sektes van die dag aan te sluit, en omdat ek nog baie jonk was, en vervolg is deur diegene wat my vriende behoort te gewees en my goed moes behandel het, en indien hulle veronderstel het dat ek bedrieg is, om op 'n behoorlike en liefdevolle wyse te poog om my terug te wen—is ek blootgestel aan allerlei soorte [a]versoekings; en, terwyl ek gemeng het met alle soorte mense, het ek dikwels verval in talle dwase foute, en die swakheid van die jeug geopenbaar, en die onvolmaakthede van die menslike aard; wat, ek jammer is om te sê, my gelei het na verskeie versoekings, aanstootlik in die oë van God. Deur die maak van hierdie bekentenis hoef niemand te veronderstel dat ek skuldig was aan enige groot of boosaardige sondes nie. 'n Neiging om dit te pleeg was nooit in my aard nie. Maar ek was skuldig aan ligsinnigheid, en was somtyds vereenselwig met plesierige geselskap, ens., nie ooreenkomstig met daardie karakter wat gehandhaaf behoort te word deur een wat deur God [b]geroepe is soos ek was nie. Maar dit sal nie baie vreemd wees vir enigeen wat my jeugjare onthou, en bekend is met my natuurlike opgewekte temperament nie.

29 As gevolg van hierdie dinge het ek dikwels veroordeel gevoel oor my swakhede en on-

26*a* Jak. 1:5–7.
28*a* GS Versoek, Versoeking.
*b* GS Roep, Geroepe van God, Roeping.

volmaakthede; toe, op die aand van bogenoemde een en twintigste September, nadat ek my na my bed gewend het vir die nag, het ek myself in [a]gebed en smekinge bevind tot Almagtige God om vergifnis van al my sondes en dwaashede, en ook vir ʼn openbaring aan my, dat ek mag weet van my toestand en stand voor Hom; want ek het volle vertroue om ʼn goddelike openbaring te ontvang, aangesien ek voorheen een gehad het.

30 Terwyl ek op dié wyse besig was om God aan te roep, het ek bewus geword van ʼn lig wat in my kamer verskyn, wat aangehou het om helderder te word totdat die kamer helderder was as op die middaguur, toe ʼn [a]persoon onmiddellik langs my bed verskyn, en in die lug gestaan het, want sy voete het nie die vloer geraak nie.

31 Hy het ʼn los kleed van onoortrefbare [a]witheid aangehad. Dit was ʼn witheid bó enigiets aards wat ek ooit gesien het; nóg glo ek dat enige aardse ding só onoortrefbaar wit en helder gemaak kon word. Sy hande was ontbloot, en sy arms ook ʼn bietjie bo die gewrig; so, ook, was sy voete ontbloot, net so sy bene, ʼn bietjie bo die enkels. Sy hoof en nek was ook onbedek. Ek kon ook waarneem dat hy geen ander kleding aangehad het nie behalwe hierdie kleed, aangesien dit oop was, sodat ek by sy boesem kon insien.

32 Nie net was sy kleed uitermate wit nie, maar sy hele liggaam was onbeskryflik [a]glansryk, en sy gelaat waarlik soos die [b]weerlig. Die kamer was uitermate lig, maar nie so baie helder as onmiddellik rondom sy liggaam nie. Toe ek eers na hom gekyk het, was ek [c]bevrees; maar die vrees het my spoedig verlaat.

33 Hy het my by die [a]naam genoem en vir my gesê dat hy ʼn boodskapper was, vanuit die teenwoordigheid van God aan my gestuur, en dat sy naam Moroni is; dat God ʼn werk vir my gehad het om te doen; en dat my naam ten goede en ten kwade bekend sal wees onder alle nasies, stamme en tale; of dat beide goed en kwaad van my naam gespreek sal word onder alle volke.

34 Hy het gesê dat daar ʼn [a]boek weggebêre is, geskryf op [b]goue plate, wat ʼn kroniek gee van die voormalige inwoners van hierdie kontinent, en die bron is waaruit hulle ontspring het. Hy het ook gesê dat die [c]volheid van die ewigdurende Evangelie daarin vervat is, soos gespreek deur

29*a* GS Gebed.
30*a* GS Engele; Moroni, Seun van Mormon.
31*a* Hand. 10:30; 1 Ne. 8:5; 3 Ne. 11:8.
32*a* 3 Ne. 19:25. GS Heerlikheid.
*b* Ex. 34:29–35; Hel. 5:36; L&V 110:3.
*c* Ex. 3:6; Ether 3:6–8, 19.
33*a* Ex. 33:12, 17; Jes. 45:3–4.
34*a* GS Boek van Mormon.
*b* GS Goue Plate.
*c* GS Herstelling van die Evangelie.

die Saligmaker aan die antieke
inwoners;
35 Ook, dat daar twee stene was
in silwer boë—en hierdie stene,
wat geheg was aan ′n [a]borsplaat,
het uitgemaak wat die [b]Urim en
Tummim genoem word—wegge-
bêre saam met die plate; en die
besit en gebruik van hierdie stene
was wat [c]"sieners" uitgemaak het
in antieke of vroeëre tye; en dat
God hulle voorberei het vir die
doel om die boek te vertaal.
36 Nadat hy hierdie dinge vir
my vertel het, het hy begin om die
profesieë van die [a]Ou Testament
aan te haal. Hy het eerstens die
eerste deel van die [b]derde hoof-
stuk van Maleági aangehaal; en
hy het ook die vierde of laaste
hoofstuk van dieselfde profesie
aangehaal, dog met ′n klein af-
wyking van die wyse waarop dit
in ons Bybel geskryf is. Hy het, in
plaas van om die eerste vers aan
te haal soos dit in ons boeke voor-
kom, dit as volg aangehaal:
37 *Want kyk, die* [a]*dag kom wat sal*
[b]*brand soos ′n oond, en al die hoog-*
*moediges, ja, en almal wat boos op-*
*tree sal brand soos* [c]*stoppels; want*
*hulle wat kom, sal hulle brand, sê die*
*Here van die Leërskare, dat dit hulle*
*nóg wortel nóg tak sal oorlaat.*
38 En verder, het hy die vyfde
vers as volg aangehaal: *Kyk, Ek*
*sal die* [a]*Priesterskap aan julle open-*
*baar, deur die hand van* [b]*Elía die pro-*
*feet, voor die koms van die groot en*
*vreeslike dag van die Here.*
39 Hy het ook die volgende vers
verskillend aangehaal: *En Hy sal*
*in die harte van die kinders die* [a]*be-*
*loftes plant wat aan die vaders ge-*
*maak is, en die harte van die kinders*
*sal na hulle vaders* [b]*gekeer word. In-*
*dien dit nie so was nie, sou die hele*
*aarde heeltemal vernietig word by*
*sy koms.*
40 Bykomstig tot hierdie het
hy die elfde hoofstuk van Jesaja
aangehaal, en gesê dat dit op die
punt was om vervul te word. Hy
het ook die derde hoofstuk van
Handelinge aangehaal, twee en
twintigste en drie en twintigste
verse, presies soos dit staan in ons
Nuwe Testament. Hy het gesê dat
daardie [a]profeet Christus is; maar
die dag het nog nie gekom wan-
neer "hulle wat nie sy stem wil
hoor nie, [b]afgesny sal word van
onder die volk," maar sou gou
kom.
41 Hy het ook die [a]tweede hoof-
stuk van Joël aangehaal, van die
agt en twintigste vers tot die
laaste. Hy het ook gesê dat dit

---

35 *a* Lev. 8:8. GS Borsplaat.
*b* Ex. 28:30. GS Urim en Tummim.
*c* GS Siener.
36 *a* GS Ou Testament.
*b* GS Maleági.
37 *a* GS Tweede Koms van Jesus Christus.
*b* 3 Ne. 25; L&V 64:23–24. GS Aarde—Reiniging van die aarde; Wêreld—Einde van die wêreld.
*c* Nah. 1:8–10; 1 Ne. 22:15, 23; 2 Ne. 26:4–6; L&V 29:9.
38 *a* GS Priesterskap; Sleutels van die Priesterskap.
*b* L&V 27:9; 110:13–16. GS Elía.
39 *a* Gal. 3:8, 19.
*b* GS Geslagsregister; Heil vir die Dode.
40 *a* Deut. 18:15–19.
*b* 3 Ne. 20:23; 21:20.
41 *a* Hand. 2:16–21.

nog nie vervul was nie, maar sou spoedig wees. En hy het verder verklaar dat die volheid van die [b]nie-Jode binnekort sou aanbreek. Hy het baie ander skrifgedeeltes aangehaal en baie verklarings gegee wat nie hier genoem kan word nie.

42 Verder, hy het vir my vertel, dat wanneer ek daardie plate gekry het waarvan hy gespreek het—want die tyd wanneer hulle verkry sou word was nog nie vervul nie—mag ek hulle nie aan enigeen wys nie; nóg die borsplaat met die Urim en Tummim; slegs aan diegene aan wie ek gebied sou word om hulle te wys; indien ek dit doen, sal ek vernietig word. Terwyl hy met my gesprek gevoer het aangaande die plate, is die visioen aan my [a]verstand geopen sodat ek die plek kon sien waar die plate weggebêre was, en dit was so helder en duidelik dat ek die plek weer geken het toe ek dit besoek het.

43 Na hierdie mededeling, het ek die lig in die kamer gesien wat onmiddellik begin het om saam te trek rondom die persoon van hóm wat met my gespreek het, en dit het voortgeduur om so te doen totdat die kamer weer donker gelaat is, behalwe net rondom hom; toe ek oombliklik, as't ware 'n gang sien oopmaak reguit na die hemel, en hy het opgevaar totdat hy heeltemal verdwyn het, en die kamer is gelaat soos dit was voor hierdie hemelse lig sy verskyning gemaak het.

44 Ek het gelê en peins oor die eienaardigheid van die toneel, en grootliks verwonder oor wat aan my vertel is deur hierdie buitengewone boodskapper; toe, te midde van my [a]bepeinsing, het ek skielik bewus geword dat my kamer weer verlig word, en in 'n oomblik, as't ware, was dieselfde hemelse boodskapper weer langs my bed.

45 Hy het begin, en weer presies dieselfde dinge meegedeel wat hy gedoen het tydens sy eerste besoek, sonder die minste afwyking; nadat hy dit gedoen het, het hy my vertel van die groot oordele wat oor die aarde kom, met groot verlatenheid deur hongersnood, die swaard en pestilensie; en dat hierdie sware oordele oor die aarde sou kom in hierdie geslag. Nadat hy hierdie dinge meegedeel het, het hy weer opgevaar soos hy voorheen gedoen het.

46 Só diep was die indrukke op my verstand gemaak teen hierdie tyd, dat die slaap gevlug het van my oë, en ek het gelê, oorweldig deur verbasing oor wat ek beide gesien en gehoor het. Maar wat was my verbasing toe ek weer dieselfde boodskapper langs my bed aanskou, en hom weer hoor dieselfde dinge soos tevore aan my oorvertel of herhaal; en het 'n vermaning bygevoeg, en gesê dat [a]Satan sal probeer om my te

41*b* Rom. 11:11–25; L&V 88:84. GS Nie-Jode.
42*a* GS Verstand.
44*a* GS Peins.
46*a* GS Duiwel.

[b]versoek (as gevolg van die armoedige omstandighede van my vader se familie), om die plate te bekom vir die doel om ryk te word. Dit het hy my verbied en gesê dat ek geen ander oogmerk in gedagte moet hê om die plate te verkry nie, buiten om God te verheerlik, en moet nie beïnvloed word deur enige ander [c]motief as om sy koninkryk te bou nie; andersins kon ek hulle nie kry nie.

47 Na hierdie derde besoek het hy weer opgevaar na die hemel soos voorheen, en ek was weer gelaat om te peins oor die eienaardigheid van wat ek so pas ervaar het; toe, onmiddellik nadat die hemelse boodskapper van my opgevaar het vir die derde keer, het die haan gekraai, en ek het bemerk dat die dag in aantog was sodat ons besprekings daardie hele nag moes beslaan het.

48 Kort daarna, het ek uit my bed opgestaan, en, soos gewoonlik, na die noodsaaklike arbeid van die dag gegaan; maar in ’n poging om soos ander kere te werk, het ek besef dat my krag só uitgeput was dat ek geheel en al nie in staat was nie. My vader, wat saam met my gearbei het, het ontdek dat iets met my skort, en vir my gesê om huis toe te gaan. Ek het begin met die bedoeling om na die huis te gaan; maar, terwyl ek probeer het om oor die heining uit die veld waar ons was, te klim, het my krag my heeltemal gefaal, en ek het hulpeloos op die grond geval, en vir ’n tydperk was ek geheel en al onbewus van enigiets.

49 Die eerste ding wat ek kan onthou, was ’n stem wat met my praat, en my op die naam genoem het. Ek het opgekyk en dieselfde boodskapper bo my kop sien staan, omring deur lig soos voorheen. Hy het toe weer aan my alles vertel wat hy die vorige aand aan my vertel het, en my gebied om na my [a]vader te gaan en hom te vertel van die visioen en gebooie wat ek ontvang het.

50 Ek het gehoorsaam; ek het na my vader teruggekeer in die veld en die hele saak aan hom meegedeel. Hy het my geantwoord dat dit van God was, en vir my gesê om te gaan doen soos gebied deur die boodskapper. Ek het die veld verlaat en na die plek gegaan waar die boodskapper vir my gesê het waar die plate weggebêre was; en as gevolg van die helderheid van die visioen wat ek daaroor gehad het, het ek die plek herken die oomblik toe ek daar aankom.

51 Naby die dorp Manchester, Ontario-distrik, New York, is daar ’n [a]heuwel van aansienlike grootte, en die hoogste van enige in die omgewing. Aan die westekant van hierdie heuwel, nie ver van bo nie, onder ’n klip van aansienlike grootte, lê die plate, weggebêre in ’n klipkis. Hierdie

46 *b* GS Versoek, Versoeking.
*c* L&V 121:37.
49 *a* GS Smith, Joseph, Snr.
51 *a* GS Cumora-heuwel, Die.

klip was dik en rond in die middel aan die bokant, en dunner na die kante, sodat die middelste gedeelte sigbaar was bo die grond, maar die kante reg rondom was bedek met grond.

52 Nadat ek die grond verwyder het, het ek ′n hefboom verkry wat ek onder die rand van die klip geplaas het, en met ′n bietjie inspanning dit opgelig. Ek het binne-in gekyk en daar het ek inderdaad die [a]plate gesien, die [b]Urim en Tummim en die [c]borsplaat, soos gemeld deur die boodskapper. Die kis waarin hulle gelê het, is gevorm deur klippe teen mekaar in ′n soort sement te lê. In die bodem van die kis was twee klippe dwars in die kis gelê en op hierdie klippe het die plate en ander dinge saam met hulle gelê.

53 Ek het ′n poging aangewend om hulle uit te haal, maar is verbied deur die boodskapper, en is weer ingelig dat die tyd om hulle voort te bring nog nie aangebreek het nie, nóg sou dit, tot vier jaar van daardie tyd af; maar hy het vir my gesê dat ek na daardie plek moes kom presies een jaar vanaf daardie tyd en dat hy my daar sou ontmoet en dat ek so moes aanhou totdat die tyd sou aanbreek vir die verkryging van die plate.

54 Ooreenkomstig ek gebied is, het ek aan die einde van elke jaar gegaan en elke keer het ek dieselfde boodskapper daar gevind en het die onderrig en inligting van hom ontvang tydens elkeen van ons besprekings, ten opsigte van wat die Here sou doen, en hoe en op watter wyse sy [a]koninkryk in die laaste dae bestuur moes word.

*Joseph Smith trou met Emma Hale—Hy ontvang die goue plate van Moroni en vertaal sommige van die karakters—Martin Harris toon die karakters en vertaling aan Professor Anthon, wat sê, “Ek kan nie ′n verseëlde boek lees nie.” (Verse 55–65.)*

55 Aangesien my vader se aardse omstandighede baie beperk was, was ons genoodsaak om met ons hande te arbei deur ons vir ′n dagloon en andersins uit te huur, soos ons ′n geleentheid kon kry. Somtyds was ons tuis, en soms elders, en deur voortdurende arbeid was ons in staat om ′n genoegsame inkomste te verkry.

56 In die jaar 1823 het ′n groot ellende my vader se familie getref met die dood van my oudste broer, [a]Alvin. In die maand Oktober 1825 het ek my verhuur aan ′n bejaarde heer by die naam van Josiah Stoal, wat in die Chenango-distrik gewoon het, Staat New York. Hy het iets gehoor van ′n silwermyn wat deur die Spanjaarde geopen is in Harmony, Susquehanna-distrik, Staat Pennsilvanië; en het, voor ek my

52*a* Morm. 6:6.
GS Goue Plate.
*b* GS Urim en Tummim.
*c* GS Borsplaat.
54*a* GS Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel.
56*a* L&V 137:5–8.

verhuur het aan hom, gedelf om, indien moontlik, die myn te ontdek. Nadat ek vir hom gaan werk het, het hy my, met die res van sy werkslui, geneem om te delf vir die silwermyn, waaraan ek voortgegaan het om te werk vir bykans 'n maand, sonder sukses in ons onderneming en uiteindelik het ek die bejaarde heer oortuig om op te hou om te delf daarna. So het die baie gewilde storie ontstaan dat ek 'n fortuinsoeker was.

57 Gedurende hierdie tyd wat ek aldus in diens was, was ek gestuur om te loseer by 'n Mnr. Isaac Hale, van daardie plek; dit was daar waar ek vir die eerste keer my vrou (sy dogter), [a]Emma Hale gesien het. Op 18 Januarie 1827 is ons getroud, terwyl ek nog in die diens van Mnr. Stoal was.

58 As gevolg van my voortgesette bevestiging dat ek 'n visioen gesien het, het [a]vervolging my steeds gevolg, en my vrou se vader se familie was grootliks gekant teen ons voorgenome huwelik. Ek was derhalwe genoodsaak om haar elders te neem; dus het ons na die huis van landheer Tarbill gegaan waar ons getroud is in South Bainbridge, Chenangodistrik, New York. Onmiddellik na my huwelik het ek Mnr. Stoal se diens verlaat en na my vader gegaan, en vir daardie seisoen saam met hom geboer.

59 Uiteindelik het die tyd aangebreek om die plate te verkry, die Urim en Tummim en die borsplaat. Op die twee en twintigste dag van September, eenduisend agt honderd sewe en twintig, nadat ek soos gebruiklik aan die einde van nog 'n jaar na die plek gegaan het waar hulle weggebêre was, het dieselfde boodskapper hulle aan my oorhandig met hierdie opdrag: dat ek vir hulle verantwoordelik sou wees; dat indien ek hulle agterlosig sou laat gaan, of deur enige [a]nalatigheid van my, ek afgesny sou word, maar indien ek alle pogings sou aanwend om hulle te [b]bewaar, totdat hy, die boodskapper, sou kom om hulle te haal, hulle beskerm sou wees.

60 Ek het spoedig die rede uitgevind waarom ek sulke streng bevele gekry het om hulle veilig te hou, en waarom dit was dat die boodskapper gesê dat wanneer ek gedoen het wat van my vereis was van my hand, hy hulle sou kom haal. Skaars was dit bekend dat ek hulle gehad het, of die uiterste pogings is aangewend om hulle van my te neem. Elke plan wat bedink kon word is vir daardie doel gebruik. Die vervolging het bitterder en erger as vantevore geword, en skares was voortdurend op die uitkyk om hulle van my te neem indien moontlik. Maar deur die wysheid van God het hulle veilig gebly in my hande, totdat ek volbring het dít wat van my hand vereis was.

57*a* GS Smith, Emma Hale.
58*a* GS Vervolg, Vervolging.
59*a* JS—G 1:42.
*b* GS Skrifture—Skrifture wat bewaar moet word.

Toe, ooreenkomstig die reëlings, het die boodskapper hulle kom haal, en ek het hulle aan hom oorhandig; en hy het hulle in bewaring geneem tot vandag toe; en hy het hulle in sy bewaring tot hierdie dag, synde die tweede dag van Mei, eenduisend agthonderd agt en dertig.

61 Die opgewondenheid het egter nog steeds voortgeduur, en gerug met haar tienduisend tonge was die hele tyd besig gehou om valshede oor my vader se familie en oor my te versprei. Indien ek ʼn duisendste deel van hulle moes vertel, sou dit volumes vul. Die vervolging het egter so ondraaglik geword dat ek genoodsaak was om Manchester te verlaat en saam met my vrou na die Susquehanna-distrik te gaan, in die Staat Pennsilvanië. Terwyl ons voorberei het om te begin—aangesien ons baie arm was en die vervolging só swaar op ons dat daar geen waarskynlikheid was dat ons ooit andersins sou wees nie—te midde van ons ellende het ons ʼn vriend gevind in ʼn heer genaamd [a]Martin Harris, wat na ons gekom het en my vyftig dollar gegee het om ons op ons reis te help. Mnr. Harris was ʼn inwoner van die Palmyra-woongebied, Wayne-distrik, in die Staat New York, en ʼn boer van aansien.

62 Deur hierdie tydige hulp is ek in staat gestel om die plek van my bestemming in Pennsilvanië te bereik; en onmiddellik na my aankoms daar het ek begin om die karakters van die plate te kopieer. Ek het ʼn aansienlike aantal van hulle gekopieer, en deur middel van die [a]Urim en Tummim het ek sommige van hulle vertaal, wat ek gedoen het tussen die tyd wat ek aangekom het by die huis van my vrou se vader, in Desembermaand, en die daaropvolgende Februarie.

63 In die loop van hierdie Februariemaand, het die bogenoemde mnr. Martin Harris na ons woning gekom, die karakters wat ek van die plate afgeteken het, geneem en met hulle na die stad New York gegaan. Aangaande wat gebeur het ten opsigte van hom en die karakters, verwys ek na sy eie verslag van die omstandighede, soos hy hulle aan my meegedeel het na sy terugkoms, wat as volg was:

64 "Ek het na die stad New York gegaan, en die karakters wat vertaal is, tesame met die vertaling daarvan, aan professor Charles Anthon voorgelê, ʼn heer bekend vir sy letterkundige prestasies. Professor Anthon het verklaar dat die vertaling korrek was, meer korrek as enige wat hy voorheen gesien vertaal is uit die Egipties. Ek het toe aan hom daardie karakters wat nog nie vertaal is nie, getoon, en hy het gesê dat hulle Egipties, Chaldees, Assiries en Arabies was; en hy het gesê dat hulle egte karakters was. Hy het

61*a* L&V 5:1. | GS Harris, Martin. | 62*a* GS Urim en Tummim.

vir my ′n sertifikaat gegee wat aan die mense van Palmyra verklaar dat hulle egte karakters was en dat die vertaling van hulle wat vertaal is ook korrek is. Ek het die sertifikaat geneem en dit in my sak geplaas, en was net besig om die huis te verlaat toe mnr. Anthon my teruggeroep en my gevra het hoe die jong man uitgevind het dat daar goue plate was in die plek waar hy hulle gevind het. Ek het geantwoord dat ′n engel van God dit aan hom geopenbaar het.

65 "Hy het toe vir my gesê, 'Laat my na daardie sertifikaat kyk.' Ek het dit derhalwe uit my sak gehaal en dit aan hom gegee, en hy het dit geneem en in stukke geskeur en gesê dat daar nie nou so iets is as die bediening van [a]engele nie, en dat indien ek die plate na hom sou neem, hy dit sou vertaal. Ek het hom ingelig dat ′n gedeelte van die plate [b]verseël is en dat ek verbied is om hulle te bring. Hy het geantwoord: 'Ek kan nie ′n verseëlde boek lees nie.' Ek het hom verlaat en na dr. Mitchell gegaan wat bevestig het wat professor Anthon gesê het ten opsigte van beide die karakters en die vertaling."

. . . . . . .

*Oliver Cowdery dien as skrywer in die vertaling van die Boek van Mormon—Joseph en Oliver ontvang die Aäroniese Priesterskap van Johannes die Doper—Hulle word gedoop, geordineer en ontvang die gees van profesie. (Verse 66–75.)*

66 Op die 5de dag van April 1829 het [a]Oliver Cowdery na my huis gekom, tot op welke tyd ek hom nog nooit gesien het nie. Hy het verklaar dat omdat hy skoolgehou het in die omgewing waar my vader gewoon het, en my vader een van diegene was wat kinders skooltoe gestuur het, het hy vir ′n tydperk by sy huis gaan loseer, en terwyl daar, het die familie aan hom die omstandighede meegedeel van my ontvangs van die plate, en gevolglik het hy by my kom navraag doen.

67 Twee dae na die aankoms van mnr. Cowdery (op die 7de April), het ek begin om die Boek van Mormon te vertaal, en hy het begin om vir my te skryf.

. . . . . . .

68 Ons het steeds die werk van vertaling voortgesit, toe, in die daaropvolgende maand (Mei 1829), het ons op ′n sekere dag na die woud gegaan om te bid en navraag te doen by die Here ten opsigte van [a]doop vir die [b]vergifnis van sondes, wat ons vermeld gevind het in die vertaling van die plate. Terwyl ons aldus besig was, biddend tot en roepend na die Here, het ′n [c]boodskapper van die hemel neergedaal in ′n [d]wolk

65*a* GS Engele.
*b* Jes. 29:11–12; 2 Ne. 27:10; Ether 4:4–7.
66*a* GS Cowdery, Oliver.
68*a* GS Doop.
*b* GS Vergifnis van Sondes.
*c* GS Johannes die Doper.
*d* Núm. 11:25; Ether 2:4–5, 14; L&V 34:7.

van lig, en nadat hy sy [e]hande op ons gelê het, het hy ons [f]geordineer en gesê:

69 *Aan julle, my medediensknegte, in die Naam van Messias ken ek die [a]Priesterskap van Aäron toe, wat die sleutels hou van die bediening van engele, en van die evangelie van bekering, en van doop deur onderdompeling vir die vergifnis van sondes; en dit sal nooit weer van die aarde geneem word nie, tot die seuns van [b]Levi weer ʼn offerande offer aan die Here in regverdigheid.*

70 Hy het gesê hierdie Aäroniese Priesterskap het nie die mag vir die oplegging van die hande vir die [a]gawe van die Heilige Gees nie, maar dat dit hierna aan ons toegeken sal word; en hy het ons gebied om te gaan en gedoop te word, en ons opdrag gegee dat ek vir Oliver Cowdery moes doop en dat hy my daarna moes doop.

71 Dienooreenkomstig het ons gegaan en is gedoop. Ek het hom eerste gedoop en daarna het hy my gedoop—waarna ek my hande op sy hoof gelê het en hom tot die Aäroniese Priesterskap geordineer en daarna het hy sy hande op my hoof gelê en my tot dieselfde Priesterskap geordineer—want so is ons gebied.*

72 Die boodskapper wat ons besoek het op hierdie geleentheid en hierdie Priesterskap aan ons toegeken het, het gesê dat sy naam Johannes is, dieselfde wat [a]Johannes die Doper in die Nuwe Testament genoem word, en dat hy onder die leiding van [b]Petrus, [c]Jakobus en [d]Johannes optree, wat die [e]sleutels van die [f]Melgisédekse Priesterskap hou, welke Priesterskap, hy gesê het, mettertyd aan ons toegeken sou word, en dat ek die eerste [g]Ouderling van die Kerk genoem sou word, en hy (Oliver Cowdery) die tweede. Dit was op die vyftiende dag van Mei 1829 wat ons geordineer is onder die hand van hierdie boodskapper en gedoop is.

*Oliver Cowdery beskryf hierdie gebeure as volg: "Hierdie was dae wat nooit vergeet sal word nie—om onder die klank te sit van ʼn stem wat gedikteer word deur die inspirasie van die hemel, het die uiterste dankbaarheid van hierdie boesem opgewek! Dag na dag het ek voortgegaan, ongesteurd, om van sy mond, soos hy vertaal het met die Urim en Tummim, of, soos die Nefiete sou gesê het, 'Vertolkers', die geskiedenis of kroniek genaamd 'Die Boek van Mormon' te skryf.

"Om die interessante kroniek wat deur Mormon en sy getroue seun Moroni gegee is, te noem, selfs in ʼn paar woorde, van ʼn volk wat eens geliefd en begunstig was deur die hemel, sou my huidige bedoeling oortref; derhalwe sal ek dit tot ʼn toekomstige

68 *e* Gel. Art. 1:5. GS Hande, Oplegging van.
*f* GS Gesag; Ordineer, Ordinering.
69 *a* GS Aäroniese Priesterskap.
*b* Deut. 10:8; L&V 13; 124:39. GS Levi—Die stam van Levi.
70 *a* GS Gawe van die Heilige Gees.
72 *a* GS Johannes die Doper.
*b* L&V 27:12–13. GS Petrus.
*c* GS Jakobus, Seun van Sebedéüs.
*d* GS Johannes, Seun van Sebedéüs.
*e* GS Sleutels van die Priesterskap.
*f* GS Melgisédekse Priesterskap.
*g* GS Ouderling.

73 Onmiddellik nadat ons uit die water opgekom het nadat ons gedoop is, het ons groot en heerlike seëninge van ons Hemelse Vader ervaar. Skaars het ek Oliver Cowdery gedoop, toe het die [a]Heilige Gees op hom geval, en hy het opgestaan en baie dinge [b]geprofeteer wat binnekort bewaarheid sou word. En verder, so gou ek deur hom gedoop is, het ek ook die gees van profesie gehad, en toe, terwyl ek opstaan, het ek geprofeteer aangaande die opkoms van hierdie Kerk, en baie ander dinge wat verband hou met die Kerk, en hierdie geslag van die kinders van mense. Ons is vervul deur die Heilige Gees, en het ons verbly in die God van ons heil.

74 Omdat ons verstand nou verlig was, het ons begin om die skrifte aan ons [a]begrip blootgelê te kry, en die [b]ware betekenis en bedoeling van hul meer verborge gedeeltes is aan ons geopenbaar op ′n wyse wat ons nooit voorheen kon bereik, of ooit voorheen aan gedink het nie. In die tussentyd was ons verplig om die omstandighede van die ontvangs van die Priesterskap en ons doop geheim te hou as gevolg van ′n gees van vervolging wat homself reeds gemanifesteer het in die omgewing.

75 Ons is bedreig deur aanvalle deur bendes, van tyd tot tyd, en dit ook, deur belyers van godsdiens. En hulle bedoelings om ons aan te val is slegs teengewerk deur die invloed van my vrou se vader se familie (onder Goddelike voorsienigheid), wat baie vriendelik teenoor my geword het, en wat gekant was teen bendes, en bereid was dat ek toegelaat mag word om die vertaalwerk voort te sit sonder onderbreking; en derhalwe beskerming aangebied en belowe het teen alle onwettige optredes, in soverre dit in hulle vermoë lê.

---

tydperk uitstel, en soos ek in die inleiding gesê het, meer direk oorgaan na ′n paar insidente wat nou verbonde is aan die opkoms van hierdie Kerk, wat onderhoudend kan wees vir enige duisende wat na vore getree het, te midde van die fronse van die bevooroordeeldes en die laster van huigelaars, en die Evangelie van Christus omhels het.

″Niemand, in hulle nugtere denke, kon die opdragte aan die Nefiete gegee vanuit die mond van die Saligmaker, vertaal en neerskryf oor die presiese wyse waarop die mense sy Kerk moes opbou nie, en veral aangesien korrupsie ′n onsekerheid versprei het oor alle vorme en stelsels in gebruik onder die mensdom, sonder om die voorreg te begeer om die gewilligheid van hart te toon deur begrawe te word in die watergraf, om ′n ′skoon gewete deur die opstanding van Jesus Christus′ te regverdig.

″Nadat die kroniek van die Saligmaker se bediening aan die oorblyfsel van die saad van Jakob op hierdie kontinent geskryf is, was dit maklik om te sien, soos die profeet gesê het dit sou wees, dat duisternis die aarde bedek het en digte duisternis die verstand van die mense. Na verdere nadenke was dit maklik om te sien dat, te midde van die groot onenigheid en rumoer aangaande godsdiens, niemand die gesag van God gehad het om die ordinansies van die Evangelie te bedien nie. Want die vraag mag gevra

---

73*a* GS Heilige Gees.
*b* GS Profesie, Profeteer.

74*a* GS Begrip.
*b* Joh. 16:13.

word, het die mens die gesag om te bedien in die Naam van Christus, wat openbarings ontken, wanneer sy getuienis niks minder is as die gees van profesie nie, en sy godsdiens gebaseer, gevestig en onderskraag word deur regstreekse openbarings, in al die eeue van die wêreld wanneer Hy 'n volk op die aarde gehad het? Indien hierdie feite begrawe is, en versigtig verberg is deur mense wie se beroep in gevaar sou wees indien eers toegelaat word om in die gesigte van mense te skyn, was hulle nie langer vir ons nie; en ons net gewag het op die bevel om gegee te word 'Staan op en word gedoop.'

"Ons het dit nie lank begeer voor dit verwesenlik is nie. Die Here, wat ryk is in barmhartigheid, en altyd gewillig om die voortdurende gebed van die nederige te verhoor, nadat ons Hom op 'n vurige wyse aangeroep het, weg van die woonplekke van mense, het neergebuig om aan ons sy wil bekend te maak. Skielik, asof van die midde van die ewigheid, het die stem van die Verlosser vrede tot ons gespreek, terwyl die sluier geopen is en die engel van God neergedaal het, beklee met heerlikheid, en die gretig verwagte boodskap afgelewer het, en die sleutels van die Evangelie van bekering. Watter vreugde, watter wonder! Watter verbasing! Terwyl die wêreld gepynig en verward was—terwyl miljoene soos blindes na die muur getas het, en terwyl alle mense gesteun het op onsekerheid, as 'n algemene massa, het ons oë aanskou, ons ore het gehoor, soos die straling van die 'helderheid van die dag'; ja meer—bó die skittering van die Mei-sonstraal, wat toe sy helderheid uitgestraal het oor die aangesig van die natuur! Toe het sy stem, alhoewel sag, deurgedring tot die binneste, en sy woorde, 'Ek is julle mededienskneg,' alle vrees verdryf. Ons het geluister, ons het aanskou, ons het bewonder! Dit was die stem van 'n engel van heerlikheid, dit was 'n boodskap van die Allerhoogste! En soos ons geluister het, het ons ons verbly, terwyl sy liefde ons siele aan die brand gesteek het, en ons toegevou is in die visioen van die Almagtige! Waar was plek vir twyfel? Nêrens; onsekerheid het gevlug, twyfel het weggesink om nooit weer te verrys nie, terwyl valsheid en bedrog vir ewig gevlug het!

"Maar, liewe broer, dink verder, dink vir 'n oomblik, watter vreugde ons harte gevul het, en tydens daardie verbasing moes ons gebuig het, (want wie sou nie die knie gebuig het vir so 'n seëning nie?) toe ons onder sy hand die Heilige Priesterskap ontvang het toe hy gesê het, 'Aan julle my medediensknegte, in die Naam van Messias, ken ek hierdie Priesterskap en gesag toe, wat op die aarde sal bly, dat die Seuns van Levi nog 'n offerande mag offer aan die Here in regverdigheid!'

"Ek sal nie poog om vir julle die gevoelens van hierdie hart te skilder nie, nóg die majestueuse skoonheid en heerlikheid wat ons op hierdie geleentheid omring het, maar julle sal my glo wanneer ek sê dat aarde, nóg mense, met die welsprekendheid van tyd, nie kan begin om die taal te klee in so 'n interessante en verhewe wyse soos hierdie heilige persoon nie. Nee; nóg het hierdie aarde die mag om die vreugde te gee, om die vrede te skenk, of die wysheid te begryp wat vervat is in elke sin soos dit gespreek is deur die mag van die Heilige Gees. Die mens mag sy medemens verlei, bedrog mag op bedrog volg en die kinders van die bose een mag die mag hê om die dwase en ongeleerdes te verlei, totdat niks behalwe verdigsel die menigte voed, en die vrug van die valsheid dra in sy stroom die onnadenkendes na die graf; maar een aanraking deur die vinger van sy liefde, ja, een straal van heerlikheid van die bo-wêreld, of een woord van die mond van die Saligmaker, van die boesem van die ewigheid, maak dit onbeduidend, en wis dit vir ewig uit die gedagtes. Die versekering dat ons in die teenwoordigheid van 'n engel was, die sekerheid dat ons die stem van Jesus gehoor het, en die waarheid onbesoedeld soos dit gevloei het van 'n suiwere persoon, beveel deur die wil van God, is vir my bó beskrywing en ek sal vir altyd hierdie uitdrukking van die Saligmaker se goedheid met wonder en danksegging beskou terwyl ek toegelaat word om te vertoef; en in daardie wonings waar volmaaktheid teenwoordig is en die sonde nooit kom nie, hoop ek om Hom te eer op daardie dag wat nooit sal eindig nie."—*Messenger and Advocate,* vol. 1 (Oktober 1834), pp. 14–16.

# DIE GELOOFSARTIKELS

## VAN DIE KERK VAN JESUS CHRISTUS VAN DIE HEILIGES VAN DIE LAASTE DAE

ONS [a]glo in [b]God, die Ewige Vader, en in sy [c]Seun, Jesus Christus, en in die [d]Heilige Gees.

2 Ons glo dat die mens vir sy [a]eie sondes gestraf sal word, en nie vir [b]Adam se oortreding nie.

3 Ons glo dat deur die [a]Versoening van Christus, die ganse mensdom [b]gered mag word, deur [c]gehoorsaamheid aan die [d]wette en ordinansies van die [e]Evangelie.

4 Ons glo dat die eerste beginsels en [a]ordinansies van die Evangelie is: eerstens, [b]Geloof in die Here Jesus Christus; tweedens, [c]Bekering; derdens, [d]Doop deur onderdompeling vir die [e]vergifnis van sondes; vierdens, Oplegging van [f]hande vir die [g]gawe van die Heilige Gees.

5 Ons glo dat 'n man deur God [a]geroep moet word, deur [b]profesie, en deur die oplegging van [c]hande deur diegene wat [d]gesag besit, om die Evangelie te [e]predik en die [f]ordinansies daarvan te bedien.

6 Ons glo in dieselfde [a]organisasie wat bestaan het in die Primitiewe Kerk, naamlik, [b]apostels, [c]profete, [d]herders, leraars, [e]evangeliste, ensovoorts.

7 Ons glo in die [a]gawe van [b]tonge, [c]profesie, [d]openbaring, [e]visioene, [f]genesing, [g]uitlegging van tonge, ensovoorts.

8 Ons glo dat die [a]Bybel die [b]woord van God is in soverre dit [c]korrek vertaal is; ons glo ook dat die [d]Boek van Mormon die woord van God is.

---

**1** 1 *a* GS Geloof, Glo.
*b* GS God, Godheid—God die Vader.
*c* GS God, Godheid—God die Seun; Jesus Christus.
*d* GS God, Godheid—God die Heilige Gees; Heilige Gees.
2 *a* Deut. 24:16; Eség. 18:19–20. GS Handelingsmag; Toerekenbaar, Toerekenbaarheid.
*b* GS Val van Adam en Eva.
3 *a* GS Versoen, Versoening.
*b* Mosia 27:24–26; Moses 5:9. GS Heil.
*c* GS Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.
*d* GS Wet.
*e* GS Evangelie.
4 *a* GS Ordinansies.
*b* GS Geloof, Glo.
*c* GS Bekeer, Bekering.
*d* GS Doop.
*e* GS Vergifnis van Sondes.
*f* GS Hande, Oplegging van.
*g* GS Gawe van die Heilige Gees.
5 *a* GS Roep, Geroepe van God, Roeping.
*b* GS Profesie, Profeteer.
*c* GS Hande, Oplegging van.
*d* GS Gesag; Priesterskap.
*e* GS Preek.
*f* Alma 13:8–16.
6 *a* GS Kerk, Tekens van die Ware—Kerkorganisasie.
*b* GS Apostel.
*c* GS Profeet.
*d* GS Biskop.
*e* GS Evangelis; Patriarg, Patriargaal.
7 *a* GS Gawes van die Gees.
*b* GS Tale, Gawe van.
*c* GS Profesie, Profeteer.
*d* GS Openbaring.
*e* GS Visioen.
*f* GS Genees, Genesings.
*g* 1 Kor. 12:10; Morm. 9:7–8.
8 *a* GS Bybel.
*b* GS Woord van God.
*c* 1 Ne. 13:20–40; 14:20–26.
*d* GS Boek van Mormon.

9 Ons glo alles wat God [a]geopenbaar het, alles wat Hy nou openbaar, en ons glo dat Hy nog vele groot en belangrike dinge betreffende die Koninkryk van God sal [b]openbaar.

10 Ons glo in die letterlike [a]versameling van Israel en in die herstelling van die [b]Tien Stamme; dat [c]Sion (die Nuwe Jerusalem) op die Amerikaanse kontinent gebou sal word; dat Christus persoonlik op die aarde sal [d]heers; en, dat die aarde [e]vernuwe sal word en haar [f]paradyslike [g]heerlikheid sal ontvang.

11 Ons eien ons die [a]voorreg toe om die Almagtige God te aanbid ooreenkomstig die [b]stem van ons eie [c]gewete, en gun alle mense dieselfde voorreg, laat hulle [d]aanbid hoe, waar, of wat hulle wil.

12 Ons glo daarin om onderworpe te wees aan konings, presidente, heersers en magistrate, deur die [a]wet te gehoorsaam, te eer en te onderskraag.

13 Ons glo daarin om [a]eerlik, getrou, [b]kuis, welwillend en deugsaam te wees, en om [c]goed te doen aan alle mense; inderdaad mag ons sê dat ons die [d]vermaning van Paulus navolg—Ons [e]glo alle dinge, ons hoop alle dinge, ons het baie dinge verduur, en hoop om in staat te wees om alle dinge te [f]verduur. Indien daar enigiets is wat [g]deugsaam, lieflik, of van goeie berig of prysenswaardig is, strewe ons na daardie dinge.

Joseph Smith.

---

9*a* GS Openbaring.
*b* Amos 3:7; L&V 121:26–33. GS Skrifture—Skrifture wat geprofeteer is om te voorskyn te kom.
10*a* Jes. 49:20–22; 60:4; 1 Ne. 19:16–17. GS Israel—Die versameling van Israel.
*b* GS Israel—Die tien verlore stamme van Israel.
*c* Ether 13:2–11; L&V 45:66–67; 84:2–5; Moses 7:18. GS Nuwe Jerusalem; Sion.
*d* GS Millennium.
*e* GS Aarde—Reiniging van die aarde.
*f* DI ’n toestand soos die Tuin van Eden; Jes. 11:6–9; 35; 51:1–3; 65:17–25; Eség. 36:35. GS Paradys.
*g* GS Heerlikheid.
11*a* L&V 134:1–11.
*b* GS Handelingsmag.
*c* GS Gewete.
*d* GS Aanbid.
12*a* L&V 58:21–23. GS Wet.
13*a* GS Eerlik, Eerlikheid; Integriteit.
*b* GS Kuisheid.
*c* GS Diens.
*d* Filip. 4:8.
*e* GS Hoop.
*f* GS Volhard.
*g* GS Deugsaamheid; Fatsoenlikheid.

# BYLAE

GIDS TOT DIE SKRIFTURE

KRONOLOGIE

OOREENSTEMMING VAN DIE EVANGELIES

JOSEPH SMITH-VERTALING

BYBELKAARTE

BYBELFOTO'S

KERKGESKIEDENISKAARTE

KERKGESKIEDENISFOTO'S

# DIE GIDS TOT DIE SKRIFTURE

Die Gids tot die Skrifture definieer geselekteerde leerstellings, grondbeginsels, mense, en plekke wat voorkom in die Heilige Bybel, die Boek van Mormon, die Leer en Verbonde, en die Pêrel van Groot Waarde. Dit verskaf ook sleutelskriftuurverwysings vir u om te bestudeer ten opsigte van elke onderwerp. Hierdie Gids kan u help met u individuele en gesinstudie van die skrifture. Dit kan u help om vrae te beantwoord omtrent die evangelie, studie-onderwerpe in die skrifture, om praatjies en lesse voor te berei, en om u kennis en getuienis van die evangelie uit te brei.

Invoegsel

Onderwerpe is in vetgedrukte letters.

**Aarde.** *Sien ook* Skep, Skepping; Wêreld

Somtyds bevat ander onderwerpe in die gids inligting wat verband hou met die onderwerp wat u bestudeer. Die kursiewe woorde *Sien ook* verwys u na hierdie verwante onderwerpe.

Onderwerpe sluit ’n kort definisie in.

Die planeet waarop ons leef, deur God geskape deur middel van Jesus Christus om gebruik te word deur die mens gedurende sy sterflike proeftyd. Die aarde se finale bestemming is om verheerlik en verhewe te word (L&V 77:1–2; 130:8–9). Die aarde sal ’n ewige erfenis word van diegene wat waardig geleef het vir ’n selestiale verheerliking (L&V 88:14–26). Hulle sal die teenwoordigheid geniet van die Vader en die Seun (L&V 76:62).

Skriftuurverwysings wat u help om die definisie te verstaan, is tussen hakies.

Sommige onderwerpe het subinskrywings. Dit is kursief gedruk.

*Geskape vir die mens*: God het aan die mens heerskappy gegee oor die aarde, **Gén.** 1:28 (Moses 2:28). Die aarde behoort aan die Here, **Ex.** 9:29 (Ps. 24:1). Die Here het die aarde aan die mensekinders gegee, **Ps.** 115:16. Ek het die aarde gemaak en die mens daarop geskape, **Jes.** 45:12. Deur die krag van sy woord het die mens op die aarde gekom, **Jakob** 4:9.

Elke skriftuurverwysing word voorafgegaan deur ’n kort aanhaling van die skriftuur of opsomming van die skriftuur.

Die aarde sal aan diegene gegee word wat die Heilige Gees as hulle leidsman geneem het, **L&V** 45:56–58 (L&V 103:7). Diegene wat die evangelie gehoorsaam het, word beloon met die goeie dinge van die aarde, **L&V** 59:3. Die armes en die sagmoediges van die aarde sal dit beërwe, **L&V** 88:17 (Matt. 5:5; 3 Ne. 12:5).

Verwante skriftuurverwysings word tussen hakies gegee.

Ons sal ’n aarde maak, en ons sal hulle beproef, **Abr.** 3:24–25.

Somtyds word die inligting oor ’n onderwerp nie ingesluit onder die onderwerp wat u nageslaan het nie. Die kursiewe woord *Sien* verwys u na die onderwerp waar die inligting gevind word.

**Paastyd.** *Sien* Jesus Christus; Opstanding

**Verstrooiing van Israel.** *Sien* Israel—Die verstrooiing van Israel

Die kursiewe woord *Sien* (of *Sien ook*) gevolg deur hierdie streep, verduidelik aan u dat die inligting gevind word onder ’n subinskrywing (“Die verstrooiing van Israel”) van ’n hoofonderwerp (“Israel”).

**Aalmoes, Aalmoese Gee.** *Sien ook* Armes; Offerande; Vas; Welsyn

Offerandes om die armes te help.

Moenie julle aalmoese voor die mense bewys nie, **Matt.** 6:1–4 (3 Ne. 13:1–4). Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as hulle almal, **Mark.** 12:41–44. Dit is saliger om te gee as om te ontvang, **Hand.** 20:33–35.

Ek wil hê dat julle jul besittings moet deel, **Mosia** 4:26. Die mense van die Kerk moet van hulle besittings afstaan, elkeen volgens dit wat hy het, **Mosia** 18:27.

**Aanbid.** *Sien ook* God, Godheid

Liefde, eerbied, diens en toewyding tot God (L&V 20:19). Aanbidding sluit gebed, vas, diens in die kerk, deelname aan evangeliese ordinansies en ander praktyke in wat toewyding tot en liefde vir God toon.

Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie, **Ex.** 20:3 (Ex. 32:1–8, 19–35; Ps. 81:9).

Aanbid die Vader in gees en in waarheid, **Joh.** 4:23. Aanbid Hom wat die hemel en die aarde gemaak het, **Openb.** 14:7 (L&V 133:38–39).

Aanbid Hom met al julle mag, verstand en krag, **2 Ne.** 25:29. Hulle het in Christus geglo en het die Vader in sy Naam aanbid, **Jakob** 4:5. Zenos het geleer dat mense in alle plekke moes bid en aanbid, **Alma** 33:3–11. Aanbid God in watter plek julle ook al mag wees, in gees en in waarheid, **Alma** 34:38. Die mense het voor Jesus se voete neergeval en Hom aanbid, **3 Ne.** 11:17.

Alle mense moet bekeer, in Jesus Christus glo, en die Vader in sy naam aanbid, **L&V** 20:29. Ek gee aan julle hierdie woorde sodat julle mag verstaan en weet hoe om te aanbid, en weet wat julle aanbid, **L&V** 93:19.

Net hierdie een God sal ek aanbid, **Moses** 1:12–20. Ons eien ons die voorreg toe om die Almagtige God te aanbid, **Gel. Art.** 1:11.

**Aanneming.** *Sien ook* Abraham—Die nageslag van Abraham; Israel; Kinders van Christus; Seuns en Dogters van God

Die skrifture spreek van twee tipes aanneming.

(1) ’n Persoon wat van nie-Israelitiese afkoms is, word ’n lid van die familie van Abraham en die huis van Israel deur geloof te hê in Jesus Christus, te bekeer, gedoop te word deur onderdompeling, en die Heilige Gees te ontvang (2 Ne. 31:17–18; L&V 84:73–74; Abr. 2:6, 10–11).

(2) Almal wat die reddende ordinansies van die evangelie ontvang, word seuns en dogters van Jesus Christus deur volgehoue gehoorsaamheid aan sy gebooie (Rom. 8:15–17; Gal. 3:24–29; 4:5–7; Mosia 5:7–8).

**Aanstoot Gee**

Om ’n goddelike wet te oortree, te sondig, of om ongemak of leed te veroorsaak; ook om te mishaag of te ontstig.

’n Broer teen wie oortree is, is erger as ’n sterk stad, **Spr.** 18:19.

As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit, **Matt.** 5:29. Elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat hy wegsink in die diepte van die see, **Matt.** 18:6 (L&V 121:19–22).

As jou broer of suster teen jou sondig en bely, moet julle versoen word, **L&V** 42:88. In niks mishaag die mens God nie, behalwe diegene wat nie sy hand erken nie en nie sy gebooie onderhou nie, **L&V** 59:21.

**Aarde.** *Sien ook* Skep, Skepping; Wêreld

Die planeet waarop ons leef, deur God geskape deur middel van Jesus Christus om gebruik te word deur die mens gedurende sy sterflike proeftyd. Die aarde se finale bestemming is om verheerlik en verhewe te word (L&V

77:1–2; 130:8–9). Die aarde sal ʼn ewige erfenis word van diegene wat waardig geleef het vir ʼn selestiale verheerliking (L&V 88:14–26). Hulle sal die teenwoordigheid geniet van die Vader en die Seun (L&V 76:62).

*Geskape vir die mens:* God het aan die mens heerskappy gegee oor die aarde, **Gén.** 1:28 (Moses 2:28). Die aarde behoort aan die Here, **Ex.** 9:29 (Ps. 24:1). Die Here het die aarde aan die mensekinders gegee, **Ps.** 115:16. Ek het die aarde gemaak en die mens daarop geskape, **Jes.** 45:12.

Deur die krag van sy woord het die mens op die aarde gekom, **Jakob** 4:9.

Die aarde sal aan diegene gegee word wat die Heilige Gees as hulle leidsman geneem het, **L&V** 45:56–58 (L&V 103:7). Diegene wat die evangelie gehoorsaam het, word beloon met die goeie dinge van die aarde, **L&V** 59:3. Die armes en die sagmoediges van die aarde sal dit beërwe, **L&V** 88:17 (Matt. 5:5; 3 Ne. 12:5).

Ons sal ʼn aarde maak, en ons sal hulle beproef, **Abr.** 3:24–25.

*ʼn Lewende geheel:* Die aarde bly vir ewig staan, **Pred.** 1:4.

Die see van glas is die aarde in sy geheiligde, onsterflike, en ewige staat, **L&V** 77:1. Die aarde moet geheilig en voorberei word vir die selestiale heerlikheid, **L&V** 88:18–19.

Die aarde het hardop geween, **Moses** 7:48.

*Verdeling van die aarde:* Laat die waters hulle op een plek versamel, **Gén.** 1:9. In die dae van Peleg het die aardbewoners verdeeld geraak, **Gén.** 10:25.

Nadat die waters teruggetrek het, het dit ʼn uitverkore land geword, **Ether** 13:2.

Die aarde sal wees soos dit was voordat dit verdeel is, **L&V** 133:24.

*Reiniging van die aarde:* Reën het op die aarde geval vir veertig dae, **Gén.** 7:4.

Die aarde word as ʼn skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel, **2 Petr.** 3:7.

Na vandag kom die verbranding, **L&V** 64:24.

Die aarde wil gereinig wees van vieslikheid, **Moses** 7:48.

*Finale toestand van die aarde:* Die aarde sal inmekaargerol word soos ʼn boekrol en verbygaan, **3 Ne.** 26:3 (L&V 29:23). Daar sal ʼn nuwe hemel en ʼn nuwe aarde wees, **Ether** 13:9 (L&V 29:23).

Die see van glas is die aarde in sy geheiligde, onsterflike, en ewige toestand, **L&V** 77:1. Die aarde moet geheilig word en voorberei word vir die selestiale heerlikheid, **L&V** 88:18–19. Hierdie aarde sal soos ʼn kristal gemaak word en sal ʼn Urim en Tummim wees, **L&V** 130:8–9.

Vir een duisend jaar sal die aarde rus, **Moses** 7:64. Die aarde sal vernuwe word, **Gel. Art.** 1:10.

**Aäron, Broer van Moses.** *Sien ook* Aäroniese Priesterskap; Moses

In die Ou Testament, ʼn seun van Amram en Jogébed, van die stam van Levi (Ex. 6:16–20); die ouer broer van Moses (Ex. 7:7).

Is aangestel deur die Here om Moses by te staan om die kinders van Israel uit Egipte te bring en om sy woordvoerder te wees, **Ex.** 4:10–16, 27–31; 5:1–12:51. Op berg Sinai het Moses aanwysings ontvang oor die aanstelling van Aäron en sy vier seuns tot die Aäroniese Priesterskap, **Ex.** 28:1–4. Het ʼn goue kalf gemaak op die volk se versoek, **Ex.** 32:1–6, 21, 24, 35. Het gesterf op berg Hor in die ouderdom van 123, **Núm.** 20:22–29 (Núm. 33:38–39).

Die Here het ook ʼn priesterskap gevestig op Aäron en sy nageslag, **L&V** 84:18, 26–27, 30. Diegene wat priesterskaproepings verheerlik, word die seuns van Moses en van Aäron, **L&V** 84:33–34.

**Aäron, Seun van Mosia.** *Sien ook* Mosia, Seun van Benjamin; Mosia, Seuns van

In die Boek van Mormon, 'n seun van Koning Mosia. Aäron het as 'n sendeling gedien wie se getroue pogings gehelp het om baie persone tot Christus te bekeer.

Was 'n ongelowige wat gepoog het om die Kerk te vernietig, **Mosia** 27:8–10, 34. 'n Engel het aan hom en sy metgeselle verskyn, **Mosia** 27:11. Het bekeer en begin om die woord van God te preek, **Mosia** 27:32–28:8. Het die koningskap geweier en het in plaas daarvan na die land van die Lamaniete gegaan om die woord van God te preek, **Alma** 17:6–9. Het gevas en gebid vir leiding, **Alma** 17:8–11. Het Koning Lamoni se vader geleer, **Alma** 22:1–26. Het vir die Zoramiete gaan preek, **Alma** 31:6–7.

**Äroniese Priesterskap.** *Sien ook* Aäron, Broer van Moses; Priesterskap; Wet van Moses

Die mindere priesterskap (Hebr. 7:11–12; L&V 107:13–14). Die ampte daarin is biskop, priester, leraar en diaken (L&V 84:30; 107:10, 14–15, 87–88). Eertyds, onder die wet van Moses, was daar hoëpriesters, priesters en Leviete. Omdat die antieke Israeliete gerebelleer het teen God, is Moses en die heilige priesterskap van hulle weggeneem en die mindere priesterskap het voortgeduur. Hulle het geweier om geheilig te word en die Melgisédekse Priesterskap en die ordinansies daarvan te ontvang. (Sien L&V 84:23–26.) Die Äroniese Priesterskap handel met die stoflike en uiterlike ordinansies van die wet en die evangelie (1 Kron. 23:27–32; L&V 84:26–27; 107:20). Dit hou die sleutels van die bediening van engele, van die evangelie van bekering, en van die doop (L&V 13). Die Äroniese Priesterskap is herstel tot die aarde in hierdie tydvak op 15 Mei 1829. Johannes die Doper het dit op Joseph Smith en Oliver Cowdery bevestig naby Harmony, Pennsilvanië (L&V 13; JS—G 1:68–73).

En hy sal die verbond van 'n ewigdurende Priesterskap hê, **Núm.** 25:13. Die Here sal die seuns van Levi reinig, en hulle louter, **Mal.** 3:3 (3 Ne. 24:3).

Geen man neem hierdie eer vir homself nie, **Hebr.** 5:4. Volmaaktheid kom nie deur die Levitiese Priesterskap nie, **Hebr.** 7:11.

Hierdie priesterskap sal nooit van die aarde weggeneem word nie totdat die seuns van Levi 'n offerande offer, **L&V** 13. Joseph Smith en Oliver Cowdery is geordineer tot die Äroniese Priesterskap, **L&V** 27:8. Die mindere priesterskap hou die sleutel van die bediening van engele, **L&V** 84:26 (L&V 13). Daar is twee priesterskappe, naamlik die Melgisédekse en Äroniese, **L&V** 107:1. Die tweede priesterskap word die Priesterskap van Aäron genoem, **L&V** 107:13.

**Aartsengel.** *Sien ook* Adam; Mígael

Mígael, of Adam, is die aartsengel of hoofengel.

Die Here sal neerdaal van die hemel met 'n geroep, met 'n stem van die aartsengel, **1 Thes.** 4:16. Mígael is die aartsengel, **Judas** 1:9 (L&V 29:26; 88:112; 128:20–21).

**Abednégo.** *Sien ook* Daniël

In die Ou Testament was Sadrag, Mesag, en Abednégo drie Israelitiese jeugdiges wat, tesame met Daniël, na die paleis van Nebukadnésar, koning van Babilon gebring is. Abednégo se Hebreeuse naam was Asárja. Die vier jong manne het geweier om hulleself te verontreinig deur van die koning se voedsel en wyn te nuttig (Dan. 1). Sadrag, Mesag, en Abednégo is in 'n vlammende oond gegooi deur die koning, maar is wonderbaarlik bewaar (Dan. 3).

**Abel.** *Sien ook* Adam; Kain

In die Ou Testament, ′n seun van Adam en Eva.

Het aan God ′n beter offerande as sy broer Kain geoffer, **Gén.** 4:4–5 (Hebr. 11:4; Moses 5:16–21). Is vermoor deur Kain, **Gén.** 4:8 (Moses 5:32).

Het die priesterskap van Adam ontvang, **L&V** 84:16.

Satan het met Kain saamgesweer om Abel te vermoor, **Moses** 5:28–31 (Hel. 6:27).

**Abinadi.** *Sien ook* Martelaar, Martelaarskap

′n Nefitiese profeet in die Boek van Mormon.

Het geprofeteer dat God die goddelose volk van koning Noag sou straf tensy hulle bekeer het, **Mosia** 11:20–25. Is gevange gehou omdat hy die vernietiging van koning Noag en sy volk geprofeteer het, **Mosia** 12:1–17. Het koning Noag se goddelose priesters die wet van Moses en van Christus geleer, **Mosia** 12–16. Alma die Ouere het geglo en sy woorde neergeskryf, **Mosia** 17:2–4. Is doodgebrand deur koning Noag, **Mosia** 17:20.

**Abraham.** *Sien ook* Abraham, Verbond van

′n Seun van Tera, gebore in Ur van die Chaldeërs (Gén. 11:26, 31; 17:5). ′n Profeet van die Here met wie die Here ewige verbonde gesluit het, waardeur al die nasies van die aarde geseën word. Abraham is oorspronklik Abram genoem.

Trek na Haran, waar Tera gesterf het, **Gén.** 11:31–32 (Abr. 2:1–5). Is deur God geroep om na Kanaän te reis en om ′n goddelike verbond te ontvang, **Gén.** 12:1–8 (Abr. 2:4, 15–17). Het na Egipte gereis, **Gén.** 12:9–20 (Abr. 2:21–25). Vestig in Hebron, **Gén.** 13:18. Het Lot bevry, **Gén.** 14:1–16. Ontmoet vir Melgisédek, **Gén.** 14:18–20. Hagar het sy seun Ismael, gebaar, **Gén.** 16:15–16. Sy naam is deur die Here verander na Abraham, **Gén.** 17:5. Die Here het aan Abraham en Sara gesê dat hulle ′n seun sou hê, **Gén.** 17:15–22; 18:1–14. Sara het sy seun Isak gebaar, **Gén.** 21:2–3. Is beveel om Isak te offer, **Gén.** 22:1–18. Sara het gesterf en is begrawe, **Gén.** 23:1–2, 19. Abraham het gesterf en is begrawe, **Gén.** 25:8–10.

Abraham se gewilligheid om Isak te offer was ′n sinnebeeld van God en sy Eniggebore Seun, **Jakob** 4:5. Het tiendes aan Melgisédek betaal, **Alma** 13:15. Het Christus se koms vooruitgesien en daarvan getuig, **Hel.** 8:16–17.

Het die priesterskap van Melgisédek ontvang, **L&V** 84:14. Drie getroues word die nageslag van Abraham, **L&V** 84:33–34 (Gal. 3:27–29). Het alle dinge deur openbaring ontvang en het sy verheffing ontvang, **L&V** 132:29.

Het gestreef na die seëninge van die vaders en vir ′n aanstelling tot die priesterskap, **Abr.** 1:1–4. Is deur valse priesters van Chaldea vervolg, **Abr.** 1:5–15. Is deur die Here gered, **Abr.** 1:16–20. Het geleer omtrent die son, maan en sterre, **Abr.** 3:1–14. Het geleer omtrent die vooraardse lewe en die Skepping, **Abr.** 3:22–28.

*Die boek van Abraham:* Voortydse kronieke geskrywe deur Abraham wat in die besit van die Kerk gekom het in 1835. Die kronieke en sommige mummies is ontdek in Egiptiese katakombes deur Antonio Lebolo, wat hulle as erflating nagelaat het aan Michael Chandler. Chandler het hulle ten toon gestel in die Verenigde State in 1835. Sekere vriende van Joseph Smith het hulle gekoop van Chandler en het hulle aan die Profeet gegee, wat hulle vertaal het. Sommige van hierdie kronieke is opgeneem in Die Pêrel van Groot Waarde.

Hoofstuk 1 teken Abraham se ervarings aan in Ur van die Chaldeërs, waar goddelose priesters hom probeer offer het. Hoofstuk 2 vertel van sy reis na Kanaän. Die Here het aan hom verskyn en

het verbonde gesluit met hom. Hoofstuk 3 teken aan dat Abraham die heelal gesien het en die verhoudings tussen hemelse liggame waargeneem het. Hoofstuk 4–5 is ′n ander verslag van die Skepping.

*Die nageslag van Abraham:* Mense wat, deur gehoorsamheid aan die wette en ordinansies van die evangelie van Jesus Christus, die beloftes en verbonde ontvang wat deur God met Abraham gesluit is. Mans en vroue mag hierdie seëninge ontvang as hulle letterlik van Abraham se geslag is of as hulle aangeneem is in sy familie deur die evangelie te aanvaar en gedoop te word (Gal. 3:26–29; 4:1–7; L&V 84:33–34; 103:17; 132:30–32; Abr. 2:9–11). Letterlike afstammelinge van Abraham mag hulle seëninge verloor deur ongehoorsaamheid (Rom. 4:13; 9:6–8).

**Abraham, Verbond van.** *Sien ook* Abraham; Besnydenis; Verbond

Abraham het die evangelie ontvang en is tot die hoër priesterskap georditneer (L&V 84:14; Abr. 2:11), en hy het ′n selestiale huwelik aangegaan wat die verbond is van verheffing (L&V 131:1–4; 132:19, 29). Abraham het ′n belofte ontvang dat al die seëninge van hierdie verbonde aan sy sterflike nageslag aangebied sal word (L&V 132:29–31; Abr. 2:6–11). Hierdie verbonde en beloftes word saam die verbond van Abraham genoem. Die herstelling van hierdie verbond was die herstelling van die evangelie in die laaste dae, want daardeur word die nasies van die aarde geseën (Gal. 3:8–9, 29; L&V 110:12; 124:58; Abr. 2:10–11).

**Abram.** *Sien* Abraham

**Adam.** *Sien ook* Aartsengel; Adam-ondi-Ahman; Eden; Eva; Mígael; Val van Adam en Eva

Die eerste man op aarde geskape.

Adam is die vader en patriarg van die menslike geslag op die aarde. Sy oortreding in die Tuin van Eden (Gén. 3; L&V 29:40–42; Moses 4) het hom laat "val" en sterflik word, ′n noodsaaklike stap vir die mensdom se vooruitgang op hierdie aarde (2 Ne. 2:14–29; Alma 12:21–26). Adam en Eva behoort daarom geëer te word vir hulle rol om ons ewige ontwikkeling moontlik te maak. Adam is die Oue van Dae en staan ook bekend as Mígael (Dan. 7; L&V 27:11; 107:53–54; 116; 138:38). Hy is die aartsengel (L&V 107:54) en sal weer na die aarde kom as die patriarg van die menslike familie (L&V 116).

God het die mens geskape na sy eie gelykenis, **Gén.** 1:26–28 (Moses 2:26–28; Abr. 4:26–28). God het die mens heerskappy gegee oor alle dinge en het hom beveel om te vermenigvuldig en die aarde te vul, **Gén.** 1:28–31 (Moses 2:28–31; Abr. 4:28–31). God het Adam en Eva in die Tuin van Eden geplaas en het hulle verbied om van die boom van kennis van goed en kwaad te eet, **Gén.** 2:7–9, 15–17 (Moses 3:7–9, 15–17; Abr. 5:7–13). Adam het elke lewende wese benoem, **Gén.** 2:19–20 (Moses 3:19–20; Abr. 5:20–21). Adam en Eva is in die huwelik bevestig deur God, **Gén.** 2:18–25 (Moses 3:18–25; Abr. 5:14–21). Adam en Eva is deur Satan versoek, het van die verbode vrug geëet, en is uit die Tuin van Eden gewerp, **Gén.** 3 (Moses 4). Adam was 930 jaar oud ten tye van sy dood, **Gén.** 5:5 (Moses 6:12).

Adam was die eerste man, **L&V** 84:16. Voor sy dood het Adam sy regverdige nageslag byeengeroep by Adam-ondi-Ahman en het hulle geseën, **L&V** 107:53–57.

Adam het offerandes geoffer, **Moses** 5:4–8. Adam is gedoop, het die Heilige Gees ontvang, en is tot die priesterskap geordineer, **Moses** 6:51–68.

**Adam-ondi-Ahman.** *Sien ook* Adam

Die plek waar Adam sy regverdige nageslag geseën het drie jaar voor hy

gesterf het (L&V 107:53–56) en waarheen hy sal kom voor die tyd van die Tweede Koms (L&V 116).

**Afgodery**

Die aanbidding van afgode of ′n uitermate verbintenis aan of aanbidding van enigiets.

Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie, **Ex.** 20:3 (Mosia 12:35; 13:12–13). As julle agter ander gode aan loop, sal julle sekerlik omkom, **Deut.** 8:19. Eiesinnigheid is afgodery en beeldediens, **1 Sam.** 15:23. Jy het die loon wat van hulle moes kom vir jou bepaal, **Jes.** 57:8. U het die gode van silwer en goud geprys, **Dan.** 5:23.

Julle kan nie God en Mammon dien nie, **Matt.** 6:24. Gierigheid is afgodery, **Kol.** 3:5. Kinders, bewaar julleself van afgode, **1 Joh.** 5:21.

Wee hulle wat afgode aanbid, **2 Ne.** 9:37. Die afgodery van die volk van Nefi het hul oorloë en vernietiging op hulle gebring, **Alma** 50:21.

Elke mens wandel agter die beeld van sy eie God aan, **L&V** 1:16. Laat hulle arbei met hulle eie hande sodat daar geen afgodery sal wees nie, **L&V** 52:39.

Abraham se vader is weggelei deur afgodery, **Abr.** 1:27.

**Afguns.** *Sien ook* Begeer; Jaloers, Jaloesie

Volgens die skrifture, om iets te begeer wat aan ′n ander behoort, is verkeerd.

Die aartsvaders was jaloers op Josef en het hom verkoop na Egipte toe, **Hand.** 7:9. Die liefde is nie jaloers nie, **1 Kor.** 13:4 (Moro. 7:45). Afguns kom van verwaandheid, **1 Tim.** 6:4. Waar afguns is, is daar wanorde en allerhande gemene dade, **Jak.** 3:16.

Die Here het die mens beveel dat hulle nie afgunstig moet wees nie, **2 Ne.** 26:32. Daar was geen afguns onder die mense van Nefi nie, **4 Ne.** 1:15–18.

Die afguns en woede van die mens was my algemene lot al die dae van my lewe, **L&V** 127:2.

**Afsonder.** *Sien ook* Hande, Oplegging van; Roep, Geroepe van God, Roeping

Om gekies en geordineer te word vir heilige doeleindes. Hierdie aanstelling is vir ′n bepaalde diens binne die Kerkorganisasie deur die oplegging van hande deur iemand wat die nodige gesag daartoe het. Net diegene wat presideer oor priesterskapkworums ontvang sleutels wanneer hulle afgesonder word. Mense wat afgesonder word vir posisies buiten presidente van priesterskapkworums mag ′n priesterskapseëning ontvang, maar geen sleutels word saam met daardie seëning gegee nie.

Sonder Bárnabas en Saulus nou af vir die werk, **Hand.** 13:2–3.

Ander biskoppe moet afgesonder word, **L&V** 68:14. Die biskop, ′n algemene regter, sal vir hierdie bediening afgesonder word, **L&V** 107:17, 74.

′n Mens moet deur God geroep word deur profesie en deur die oplegging van hande, **Gel. Art.** 1:5.

**Afval.** *Sien ook* Herstelling van die Evangelie; Rebellie

′n Wegdraai van die waarheid deur individue, die Kerk, of ganse nasies.

*Algemene afval:* Israel moes daarteen waak dat hulle harte afgewend word van die Here, **Deut.** 29:18. As daar geen openbaring is nie, word die volk bandeloos, **Spr.** 29:18. Hulle het die ewige verbond verbreek, **Jes.** 24:5.

Die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, **Matt.** 7:27. Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word na ′n ander evangelie toe, **Gal.** 1:6.

Hulle het in die goeie pad begin, maar het verdwaal in die miswolk, **1 Ne.** 8:23 (1 Ne. 12:17). Nadat hulle van die vrugte geproe het, het hulle afgedwaal in verbode paaie, **1 Ne.** 8:28.

Nefitiese afvalligheid het ʼn struikelblok veroorsaak vir ongelowiges, **Alma** 4:6–12. Baie lede van die Kerk het hoogmoedig geword en het ander lede vervolg, **Hel.** 3:33–34 (Hel. 4:11–13; 5:2–3). Wanneer die Here sy volk voorspoedig maak, verhard hulle somtyds hul harte en vergeet Hom, **Hel.** 12:2; 13:38. Die Nefiete het hulle harte verhard en het onder Satan se mag verval, **3 Ne.** 2:1–3. Moroni het geprofeteer oor ʼn afval in die laaste dae, **Morm.** 8:28, 31–41.

Afvalligheid sal die Tweede Koms voorafgaan, **L&V** 1:13–16.

*Afvalligheid van die vroeë Christelike kerk:* Hierdie volk kom nader na My met hulle mond, **Jes.** 29:10, 13. Duisternis sal die aarde oordek, **Jes.** 60:2. Die Here sal ʼn honger stuur om die woorde van die Here te hoor, **Amos** 8:11.

Daar sal valse christusse en valse profete opstaan, **Matt.** 24:24. Wrede wolwe sal inkom onder julle, **Hand.** 20:29. Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van Hom, **Gal.** 1:6. Daar sal ʼn afval wees voor die Tweede Koms, **2 Thes.** 2:3. Sommige mense dwaal aangaande die waarheid, **2 Tim.** 2:18. Sommige mense het ʼn gedaante van godsaligheid, maar verloën die krag daarvan, **2 Tim.** 3:2–5. Die tyd sal kom wanneer hulle nie die gesonde leer sal verdra nie, **2 Tim.** 4:3–4. Daar sal valse profete en valse leraars onder die volk wees, **2 Petr.** 2:1. Sekere mense het ingesluip wat die enigste Here God verloën, **Judas** 1:4. Sommige mense het gesê dat hulle apostels was, en was nie, **Openb.** 2:2.

Nefi het die oprigting van ʼn groot en gruwelike kerk gesien, **1 Ne.** 13:26. Die nie-Jode het gestruikel en baie kerke gestig, **2 Ne.** 26:20.

Hulle het afgedwaal van my ordinansies en het my ewigdurende verbond verbreek, **L&V** 1:15. Duisternis bedek die aarde en stikdonkerte die verstand van die mense, **L&V** 112:23.

Joseph is vertel dat die kerke almal verkeerd was; hulle harte was ver van God, **JS—G** 1:19.

**Ag slaan op.** *Sien ook* Gehoorsaam, Gehoorsaamheid; Oor

Om die stem of leerstellings van die Here te hoor en te gehoorsaam.

Die Here sal ʼn profeet verwek soos Homself, na Hom moet julle luister, **Deut.** 18:15. Om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister is beter as die vet van ramme, **1 Sam.** 15:20–23. Ons het nie geluister na u knegte, die profete nie, **Dan.** 9:6.

Die regverdiges wat ag slaan op die woorde van die profete sal nie vergaan nie, **2 Ne.** 26:8. As julle nie sal ag slaan op die stem van die goeie herder nie, is julle nie sy skape nie, **Alma** 5:38 (Hel. 7:18).

Slaan ag, o julle volk van my Kerk, **L&V** 1:1. Diegene wat ag slaan op die stem van die Gees, word verlig en kom na die Vader, **L&V** 84:46–47. Hulle was traag om ag te slaan op die Here, daarom is Hy traag om op hulle gebede ag te slaan, **L&V** 101:7–9. Diegene wat nie ag slaan op die gebooie nie, word gekasty, **L&V** 103:4 (Moses 4:4).

**Agab.** *Sien ook* Isébel

In die Ou Testament, een van die boosste en magtigste konings van Noord-Israel. Hy het met Isébel getrou, ʼn Sidoniese prinses, deur wie se invloed die aanbidding van Baäl en Ástárte gevestig is in Israel (1 Kon. 16:29–33; 2 Kon. 3:2) en ʼn poging is aangewend om weg te doen met die profete en die aanbidding van Jehova (1 Kon. 18:13).

Het oor Israel en Samaría regeer vir twee en twintig jaar, **1 Kon.** 16:29 (1 Kon. 16–22). Het boosheid gedoen voor die aangesig van die Here bo almal wat voor Hom was, **1 Kon.** 16:30. Is in ʼn stryd gedood, **1 Kon.** 22:29–40.

**Agríppa.** *Sien ook* Paulus

In die Nuwe Testament, die seun van Herodes Agríppa I en broer van Berníce en Drusílla. Hy was koning van Chalsis, geleë in die Libanonberge. Hy het geluister na die Apostel Paulus en is byna oorreed om 'n Christen te word (Hand. 25–26; JS—G 1:24).

**Agting.** *Sien ook* Eer; Eerbied

Om iemand of iets as waardevol te beskou, veral in 'n evangeliese konteks.

Hy was verag, en deur die mense verlaat, **Jes.** 53:3–4.
Dit wat hoog geag word onder mense is 'n gruwel in die aangesig van God, **Lk.** 16:15. Laat die een die ander hoër ag as homself, **Filip.** 2:3.
Die Here ag alle vlees as een, **1 Ne.** 17:35. Elke mens moet sy naaste soos homself ag, **Mosia** 27:4 (L&V 38:24–25).
Toe hulle vrede gehad het, het hulle my raad ligtelik geag, **L&V** 101:8.

**Alfa en Omega.** *Sien ook* Jesus Christus

Alfa is die eerste letter in die Griekse alfabet; Omega is die laaste. Hulle is ook name wat gegee word aan Jesus Christus en word gebruik as simbole om te toon dat Christus beide die begin en die einde is (Openb. 1:8; L&V 19:1).

**Algemene Gesagdraer.** *Sien* Apostel; Eerste Presidensie; Presiderende Biskop; Sewentig

**Algemene Instemming.** *Sien ook* Kerk van Jesus Christus; Onderskraging van Kerkleiers

Die beginsel waardeur Kerklede diegene ondersteun wat geroep word om in die Kerk te dien, sowel as ander Kerkbesluite wat hulle onderseuning benodig—gewoonlik word dit getoon deur die regterhand omhoog te lig (gedurende 'n Kerkdiens).

Jesus Christus staan aan die hoof van sy Kerk. Deur die inspirasie van die Heilige Gees, rig Hy Kerkleiers in belangrike handelinge en besluite. Nogtans het alle Kerklede die reg en voorreg om die handelinge en besluite van hulle leiers te ondersteun of nie te ondersteun nie.

Die hele volk het met een stem geantwoord, **Ex.** 24:3 (Núm. 27:18–19).
Die Apostels en ouderlinge het eenparig besluit, **Hand.** 15:25.
Geen persoon mag geordineer word sonder die Kerk se stem nie, **L&V** 20:65–66. Alle dinge moet deur algemene instemming gedoen word, **L&V** 26:2 (L&V 28:13). Laat alle dinge gedoen word deur eenparige instemming, **L&V** 104:21.

**Alkohol.** *Sien* Woord van Wysheid

**Allerheiligste.** *Sien ook* Tabernakel; Tempel, Huis van die Here

Die allerheiligste kamer in die tabernakel van Moses en later in die tempel. Die Heilige van Heiligstes word ook genoem die "allerheiligste plek" (Ex. 26:33–34).

**Alma die Ouere**

'n Nefitiese profeet in die Boek van Mormon wat die Kerk gedurende die dae van goddelose koning Noag georganiseer het.

Was 'n priester van goddelose koning Noag en 'n afstammeling van Nefi, **Mosia** 17:1–2. Nadat hy Abinadi gehoor en geglo het, is hy uitgewerp deur die koning. Hy het gevlug, weggekruip, en het Abinadi se woorde neergeskryf, **Mosia** 17:3–4. Het bekeer en die woorde van Abinadi verkondig, **Mosia** 18:1. Gedoop by die waters van Mormon, **Mosia** 18:12–16. Het die kerk georganiseer, **Mosia** 18:17–29. Het met sy volk in Zarahemla aangekom, **Mosia** 24:25. Is gesag gegee oor die Kerk, **Mosia** 26:8. Het die Kerk geoordeel en gelei, **Mosia** 26:34–39. Het die amp van hoëpriester aan sy seun oorgedra, **Alma** 4:4 (Mosia 29:42; Alma 5:3).

**Alma, Seun van Alma.** *Sien ook* Alma die Ouere; Amulek; Mosia, Seuns van

In die Boek van Mormon, die eerste hoofregter en profeet in die Nefitiese nasie. Gedurende sy vroeëre jare het hy gepoog om die Kerk te vernietig (Mosia 27:8–10). Nogtans, ʼn engel het aan hom verskyn en hy is bekeer tot die evangelie (Mosia 27:8–24; Alma 36:6–27). Later het hy sy posisie as hoofregter prysgegee ten einde die mense te onderrig (Alma 4:11–20).

*Die boek van Alma:* ʼn Aparte boek in die Boek van Mormon, bevattende ʼn verkorting van die kronieke van die profete Alma, die seun van Alma, en sy seun Helaman. Die gebeure wat beskryf word in die boek, vind plaas van ongeveer 91 tot 52 v.C. Die boek bevat 63 hoofstukke. Hoofstukke 1–4 beskryf die rebellie van die volgelinge van Nehor en Amliki teen die Nefiete. Die daaruit voortvloeiende oorloë was van die mees vernietigende tot op daardie tydstip in Nefitiese geskiedenis. Hoofstukke 5–16 bevat die verslag van Alma se vroeëre sendingreise, insluitende sy preek oor die Goeie Herder (Alma 5) en sy prediking saam met Amulek in die stad Ammoniha. Hoofstukke 17–27 bevat die kroniek van die seuns van Mosia en hulle bediening onder die Lamaniete. Hoofstukke 28–44 bevat sommige van Alma se belangrikste preke. In hoofstuk 32 het Alma die woord met ʼn saad vergelyk; in hoofstuk 36 het hy sy bekeringsverhaal aan sy seun Helaman vertel. Hoofstukke 39–42 bevat Alma se raad aan sy seun Corianton, wat morele oortredings begaan het; hierdie belangrike preek verduidelik geregtigheid, barmhartigheid, die Opstanding, en die Versoening. Hoofstukke 45–63 beskryf Nefitiese oorloë van daardie tydperk en migrasies onder Hagot. Sulke groot leiers soos Kaptein Moroni, Teankum, en Lehi het gehelp om die Nefiete te bewaar deur hulle dapper en tydige handelinge.

**Almagtig.** *Sien ook* God, Godheid

Die goddelike eienskap om alle mag te besit (Gén. 18:14; Alma 26:35; L&V 19:1–3).

**Alomteenwoordig.** *Sien ook* God, Godheid

God se vermoë om oral teenwoordig te wees deur sy Gees (Ps. 139:7–12; L&V 88:7–13, 41).

**Altaar.** *Sien ook* Offerande

ʼn Struktuur wat gebruik is vir offerandes en aanbidding.

Noag het ʼn altaar gebou vir die Here en het brandoffers geoffer, **Gén.** 8:20. Abram het ʼn altaar vir die Here gebou, **Gén.** 12:7–8. Abraham het Isak, sy seun, gebind op die altaar, **Gén.** 22:9 (Gén. 22:1–13). Jakob het daar ʼn altaar gebou en het die plek El Bet-el genoem, **Gén.** 35:6–7. Elía het ʼn altaar gebou en het die priesters van Baäl uitgedaag, **1 Kon.** 18:17–40.

As jy jou gawe na die altaar bring, word eers versoen met jou broer, **Matt.** 5:23–24. Ek het onder die altaar die siele gesien van diegene wat gedood is vir die woord van God, **Openb.** 6:9 (L&V 135:7).

Lehi het ʼn altaar van klippe gebou en het die Here gedank, **1 Ne.** 2:7.

Abraham is gered van die dood op ʼn altaar van Elkena, **Abr.** 1:8–20.

**Alwetend.** *Sien ook* God, Godheid

Die goddelike eienskap om alle kennis te hê (Matt. 6:8; 2 Ne. 2:24).

**Amalekiete (Boek van Mormon)**

ʼn Groep Nefitiese afvalliges wat die Lamaniete gelei het om te veg teen die Nefiete (Alma 21–24; 43).

**Amalekiete (Ou Testament)**

ʼn Arabiese stam wat in die woestyn

van Paran geleef het tussen die Araba en die Middellandse See. Hulle was gedurig in stryd met die Hebreërs vanaf die tyd van Moses (Ex. 17:8) tot Saul en Dawid (1 Sam. 15; 27:8; 30; 2 Sam. 8:11–12).

**Amalikia**

In die Boek van Mormon, ʼn Nefitiese verraaier wat mag verkry het onder die Lamaniete en hulle teen die Nefiete gelei het (Alma 46–51).

**Amen.** *Sien ook* Gebed

Beteken "mag dit so wees" of "so is dit". *Amen* word gesê om opregte en plegtige aanvaarding en samestemming te toon (Deut. 27:14–26) of waaragtigheid (1 Kon. 1:36). Vandag, aan die einde van gebede, getuienisse, en praatjies, sê diegene wat die gebed of boodskap gehoor het ʼn hoorbare *amen* om samestemming en aanvaarding aan te toon.

In Ou Testamentiese tye moes ʼn persoon *amen* sê wanneer hy ʼn eed aflê (1 Kron. 16:7, 35–36; Neh. 5:12–13; 8:2–7). Christus word genoem "die Amen, die gelowige en waaragtige Getuie" (Openb. 3:14). *Amen* het ook gedien as die teken van ʼn verbond in die Skool van die Profete (L&V 88:133–135).

**Amliki, Amlikiete**

ʼn Man in die Boek van Mormon wat ʼn groep Nefiete gelei het wat ʼn koning wou gehad het tydens die heerskappy van die regters. Hierdie Nefiete, genoem Amlikiete, het openlik teen God gerebelleer, waarvoor hulle vervloek is (Alma 2–3).

**Ammon, Afstammeling van Zarahemla.** *Sien ook* Limhi

In die Boek van Mormon, ʼn sterk en magtige man wat ʼn ekspedisie gelei het vanaf Zarahemla na die land Lehi-Nefi (Mosia 7:1–16). Hy is voortydse kronieke getoon en verduidelik wat ʼn siener is (Mosia 8:5–18). Hy het later gehelp om Koning Limhi en sy volk te bevry van die Lamaniete en hulle terug te bring na Zarahemla (Mosia 22).

**Ammon, Seun van Mosia.** *Sien ook* Anti-Nefi-Lehi's; Mosia, Seun van Benjamin; Mosia, Seuns van

In die Boek van Mormon, ʼn seun van Koning Mosia. Ammon het gedien as ʼn sendeling wie se getroue pogings gehelp het om baie siele tot Christus te bekeer.

Was ʼn ongelowige wat probeer het om die Kerk te vernietig, **Mosia** 27:8–10, 34. ʼn Engel het aan hom en sy metgeselle verskyn, **Mosia** 27:11. Het bekeer en begin om die woord van God te preek, **Mosia** 27:32–28:8. Het geweier om as koning benoem te word en het in plaas daarvan gegaan na die land van die Lamaniete om die woord van God te preek, **Alma** 17:6–9. Het gevas en gebid vir leiding, **Alma** 17:8–11. Is vasgebind geneem na Koning Lamoni, **Alma** 17:20–21. Het Lamoni se kuddes gered, **Alma** 17:26–39. Het vir Lamoni gepreek, **Alma** 18:1–19:13. Het God gedank en is deur vreugde oorweldig, **Alma** 19:14. Sy bekeerlinge het nooit afvallig geword nie, **Alma** 23:6. Was verheug om ʼn instrument in God se hande te wees om duisende na die waarheid te bring, **Alma** 26:1–8 (Alma 26). Het die volk van Anti-Nefi-Lehi na veiligheid gelei, **Alma** 27. Het groot vreugde gevoel om Alma te ontmoet, **Alma** 27:16–18.

**Amos**

ʼn Profeet van die Ou Testament wat geprofeteer het vanaf ongeveer 792 tot 740 v.C. in die dae van Ussia, koning van Juda, en Jeróbeam, koning van Israel.

*Die boek van Amos:* ʼn Boek in die Ou Testament. Baie van Amos se profesieë waarsku Israel en sy buurnasies om terug te keer na regverdigheid.

Hoofstukke 1–5 roep Israel en sy buurnasies tot bekering. Hoofstuk 3

verduidelik dat die Here sy verborgenhede openbaar aan die profete en dat as gevolg van oortreding, sal Israel vernietig word deur ʼn teenstander. Hoofstukke 6–8 profeteer die val van Israel baie jare voor die Assuriese inval. Hoofstuk 9 profeteer dat Israel herstel sal word tot haar eie land.

**Amp, Ampsdraer.** *Sien ook* Ordineer, Ordinering; Priesterskap

ʼn Gesagsposisie of verantwoordelikheid in ʼn organisasie, wat dikwels in die skrifture gebruik word om ʼn posisie van priesterskapsgesag te beteken; mag ook beteken die pligte wat toegesê word aan die posisie of die persoon wat die posisie beklee.

Alle lede het nie dieselfde werking nie, **Rom.** 12:4.

Ons het ons amp verheerlik vir die Here, **Jakob** 1:19. Melgisédek het die amp van die hoëpriesterskap ontvang, **Alma** 13:18. Die amp van die engele se bediening is om mense tot bekering te roep, **Moro.** 7:31.

Geen persoon mag geordineer word tot enige amp in die Kerk, sonder die stem van daardie kerk nie, **L&V** 20:65. Laat elke man in sy eie amp dien, **L&V** 84:109. Daar is presidente, of presiderende amptenare, wat aangestel word uit diegene wat geordineer is tot die ampte in hierdie twee priesterskappe, **L&V** 107:21. Die pligte van diegene wat oor die ampte van die priesterskapkworums presideer, word beskryf, **L&V** 107:85–98. Laat elke man sy plig leer en om op te tree in die amp waarin hy aangestel is, **L&V** 107:99–100. Ek gee aan julle die ampsdraers wat behoort tot my priesterskap, **L&V** 124:123.

**Amptelike Verklaring 1.** *Sien ook* Huwelik, Trou—Meervoudige huwelik; Manifes; Woodruff, Wilford

Dit kom voor in die laaste gedeelte van die Leer en Verbonde. Die eerste deel van die Amptelike Verklaring 1 is ook bekend as die Manifes. Dit is gegee deur President Wilford Woodruff en aan die lede van die Kerk voorgehou tydens ʼn algemene konferensie op 6 Oktober 1890. Verskeie wette oor ʼn tydperk van vyf en twintig jaar, beginnende in 1862, het meervoudige huwelike onwettig gemaak in die Verenigde State. Die Here het deur ʼn visioen en ʼn openbaring aan Wilford Woodruff getoon wat sou plaasvind indien die Heiliges nie die praktyk van meervoudige huwelike staak nie. Die Manifes het amptelik verklaar dat meervoudige huwelike nie langer voltrek sou word nie.

**Amptelike Verklaring 2.** *Sien ook* Kimball, Spencer W.; Priesterskap

ʼn Leerstelling aangaande wie die priesterskap van God mag dra, wat nou voorkom in die laaste bladsye van die Leer en Verbonde. Vroeg in Junie 1978 het die Here aan President Spencer W. Kimball geopenbaar dat die priesterskap aan alle waardige manlike lede van die Kerk gegee moet word. Dit het die priesterskap beskikbaar gemaak vir alle waardige mans en tempelseëninge beskikbaar gemaak vir alle lede, ongeag ras of kleur. Op 30 September 1978 is hierdie verklaring aan die algemene konferensie van die Kerk voorgehou en is eenparig aangeneem.

**Amulek.** *Sien ook* Alma, Seun van Alma

In die Boek van Mormon, ʼn sendingmetgesel van Alma, seun van Alma.

Is besoek deur ʼn engel, **Alma** 8:20; 10:7. Het Alma ontvang in sy huis, **Alma** 8:21–27. Het met krag vir die volk van Ammoniha gepreek, **Alma** 8:29–32; 10:1–11. Was ʼn afstammeling van Nefi, Lehi, en Manasse, **Alma** 10:2–3. Het van waarheid getuig, **Alma** 10:4–11. Het mense tot bekering geroep en is verwerp, **Alma** 10:12–32. Het met

Zeesrom getwis, **Alma** 11:20–40. Het geleer van die opstanding, oordeel en herstelling, **Alma** 11:41–45. Wou marteling van gelowiges stopsit, **Alma** 14:9–10. Is met Alma gevange geneem, **Alma** 14:14–23. Het die toue waarmee hulle gebind was deur geloof gebreek, **Alma** 14:24–29. Het getuig van die Versoening, barmhartigheid, en geregtigheid, **Alma** 34:8–16. Het geleer van gebed, **Alma** 34:17–28. Het mense aangemoedig om nie bekering uit te stel nie, **Alma** 34:30–41. Die geloof van Alma en Amulek het gevangenismure laat tuimel, **Ether** 12:13.

**Ananías van Damaskus.** *Sien ook* Paulus

'n Christendissipel in Damaskus wat Paulus gedoop het (Hand. 9:10–18; 22:12).

**Ananías van Jerusalem**

In die Nuwe Testament het hy en sy vrou, Saffíra, vir die Here gelieg deur 'n gedeelte van hul geld terug te hou wat hulle tot die Here toegewy het. Toe Petrus hulle gekonfronteer het, het hulle albei op die grond neergeval en gesterf (Hand. 5:1–11).

**Andréas**

In die Nuwe Testament, 'n broer van Simon Petrus en een van die Twaalf Apostels wat deur Jesus geroep is tydens sy aardse bediening (Matt. 4:18–19; Mark. 1:16–18, 29).

**Anna**

In die Nuwe Testament, 'n profetes uit die stam van Aser. Ten tye van Jesus se geboorte was sy 'n bejaarde weduwee. Sy het die baba Jesus gesien tydens sy voorstelling in die tempel en het Hom herken as die Verlosser (Lk. 2:36–38).

**Annas.** *Sien ook* Kájafas

In die Nuwe Testament, 'n man met groot invloed in die Raad (Sanhedrin). Toe Jesus gearresteer is, is hy eers na hom gebring (Joh. 18:13); hy het ook 'n leidende rol gespeel in die verhoor van die Apostels (Hand. 4:3–6).

**Antichris.** *Sien ook* Duiwel

Enigeen of enigiets wat die ware evangeliese heilsplan vervals en wat Christus openlik of in die geheim bestry. Johannes die Openbaarder het die antichris beskryf as 'n bedrieër (1 Joh. 2:18–22; 4:3–6; 2 Joh. 1:7). Die groot antichris is Lucifer, maar hy het baie helpers, beide geestelike wesens en sterflikes.

Die seun van die verderf opponeer en verhef homself bo alles wat God genoem word, **2 Thes.** 2:1–12. Hy bedrieg hulle wat op die aarde woon deur middel van wonderwerke, **Openb.** 13:13–17.

Sjerem het Christus verloën en het baie bedrieg, **Jakob** 7:1–23. Nehor het valse leerstellings geleer, 'n kerk gestig, en het priesterlis ingevoer, **Alma** 1:2–16. Korihor het Christus, die Versoening, en die gees van profesie bespot, **Alma** 30:6–60.

**Anti-Nefi-Lehi's.** *Sien ook* Ammon, Seun van Mosia; Helaman, Seuns van; Mosia, Seuns van

In die Boek van Mormon, 'n naam wat aan die Lamaniete wat bekeer het gegee is deur die seuns van Mosia. Na hulle bekering was hierdie mense, wat ook genoem is die volk van Ammon, getrou regdeur hulle lewens (Alma 23:4–7, 16–17; 27:20–27).

Hulle het die naam van Anti-Nefi-Lehi's aangeneem, **Alma** 23:16–17; 24:1. Hulle het geweier om bloed te vergiet en het hulle wapens begrawe, **Alma** 24:6–19. Hulle seuns het vir oorlog voorberei en het Helaman as hulle leier gekies, **Alma** 53:16–19; 56–58 (hierdie seuns was ook bekend as die 2,000 jong soldate).

**Apokalips.** *Sien ook* Openbaring van Johannes

Die boek van Openbaring, die laaste boek in die Nuwe Testament; kan ook enige buitengewone openbaring beteken; van ʼn Griekse woord wat beteken "geopenbaar" of "ontbloot."

**Apokriewe.** *Sien ook* Bybel; Skrifture

Heilige boeke van die Joodse volk wat nie in die Hebreeuse Bybel ingesluit is nie, maar wat wel behou word in die Bybels van sommige Christenkerke. Hierdie boeke is dikwels waardevol om die Ou en Nuwe Testamente te verbind en word in die Kerk beskou as nuttige leesstof.

Die Apokriewe is meestal korrek vertaal, maar met foutiewe invoegings, **L&V** 91:1–3. Die Apokriewe kan diegene baat wat deur die Gees verlig is, **L&V** 91:4–6.

**Apostel.** *Sien ook* Dissipel; Openbaring

In Grieks beteken *Apostel* "een wat uitgestuur is". Dit was die titel wat Jesus aan die Twaalf gegee het wat Hy gekies het en geordineer het om sy naaste dissipels en helpers te wees gedurende sy bediening op aarde (Lk. 6:13; Joh. 15:16). Hy het hulle uitgestuur om Hom te verteenwoordig en om namens Hom te dien ná sy Opvaart na die hemel. ʼn Apostel is ʼn spesiale getuie van Jesus Christus in die hele wêreld om te getuig van sy goddelikheid en van sy Opstanding uit die dood beide in die voortyd en in die Kworum van die Twaalf Apostels in die herstelde Kerk vandag (Hand. 1:22; L&V 107:23).

Christus se kerk is gebou op die fondament van Apostels en profete, **Efés.** 2:20; 4:11.

Lehi en Nefi het die twaalf Apostels Jesus sien volg, **1 Ne.** 1:10; 11:34. Apostels moet die huis van Israel oordeel, **Morm.** 3:18.

Diegene wat nie ag slaan op die woorde van die profete en Apostels nie, sal afgesny word, **L&V** 1:14 (3 Ne. 12:1). Die roeping en sending van die Twaalf is geopenbaar, **L&V** 18:26–36. Joseph Smith is as ʼn Apostel geordineer, **L&V** 20:2; 21:1. Apostels is spesiale getuies van Christus se naam en dra die sleutels van die bediening, **L&V** 27:12 (L&V 112:30–32). Twaalf Apostels vorm ʼn kworum gelykstaande in gesag aan die Eerste Presidensie, **L&V** 107:23–24. Die Twaalf is ʼn Reisende Presiderende Hoëraad, **L&V** 107:33. Apostels dra die sleutels van sendingwerk, **L&V** 107:35. Sommige van die pligte van Apostels word beskryf, **L&V** 107:58. Ek sê vir al die Twaalf: volg My, en laat my skape wei, **L&V** 112:14–15.

Ons glo in Apostels, **Gel. Art.** 1:6.

*Kies van Apostels:* Apostels word gekies deur die Here (Joh. 6:70; 15:16).

Van sy dissipels het Jesus Twaalf Apostels gekies, **Lk.** 6:13–16. Matthías is gekies om ʼn Apostel te wees, **Hand.** 1:21–26.

Oliver Cowdery en David Whitmer is beveel om die Twaalf te soek en te vind, **L&V** 18:37–39.

**Ark.** *Sien ook* Noag, Bybelse Patriarg; Reënboog; Vloed tydens Noag se Tyd

In die Ou Testament, die boot wat deur Noag gebou is om lewe te bewaar gedurende die groot Vloed.

Maak vir jou ʼn ark van goferhout, **Gén.** 6:14. Die ark het op die gebergte van Árarat gerus, **Gén.** 8:4.

Die Jereditiese bote was dig soos die ark van Noag, **Ether** 6:7.

**Ark van die Verbond.** *Sien ook* Tabernakel

Ook bekend as die Ark van Jehova en die Ark van die Getuienis. Die Ark van die Verbond was ʼn langwerpige kas of kis gemaak van hout en oorgetrek

met goud. Dit was die oudste en heiligste van die godsdienstige simbole van die Israeliete. Die Versoendeksel wat dit bedek het, is beskou as die aardse woonplek van Jehova (Ex. 25:22). Na die voltooiing van die tempel is die ark geplaas in die Allerheiligste, die heiligste plek in dié bouwerk (1 Kon. 8:1–8).

Moses het die ark op God se bevel gemaak, **Ex.** 25. Die kinders van Levi is bevel gegee om die ark te versorg, **Núm.** 3:15, 31. Die ark van die verbond het voor hulle uitgetrek, **Núm.** 10:33. Neem hierdie boek van die wet, en plaas dit in die ark van die verbond, **Deut.** 31:24–26. Die waters van die Jordaan is afgesny voor die ark van die verbond, **Jos.** 3:13–17; 4:1–7. Priesters het die ark van die verbond saamgeneem om Jérigo te verower, **Jos.** 6:6–20. Filistyne het die ark van God buitgemaak, **1 Sam.** 5. Die Here het die huis van Obed-Edom geseën vanweë die ark van God, **2 Sam.** 6:11–12. Ussa is deur die Here gedood toe hy ongehoorsaam was en gepoog het om die ark te stut, **1 Kron.** 13:9–12 (L&V 85:8). Bou julle die heiligdom van die Here God, om die ark van die verbond te bring, **1 Kron.** 22:19.

Die inhoud van die ark van die verbond word beskryf, **Hebr.** 9:4.

**Armagéddon.** *Sien ook* Gog; Magog; Tweede Koms van Jesus Christus

Die naam *Armagéddon* word afgelei van die Hebreeus *Har Megíddon*, wat beteken "die berg van Megíddo". Die dal van Megíddo is aan die westelike gedeelte van die vlakte van Esdraelon, tagtig kilometer noord van Jerusalem, en is die plek van verskeie belangrike veldslae in Ou Testamentiese tye. 'n Groot en finale konflik wat sal plaasvind na aan die tyd van die Tweede Koms van die Here word die slag van Armagéddon genoem omdat dit op dieselfde plek sal begin (Sien Eség. 39:11; Sag. 12–14, veral 12:11; Openb. 16:14–21).

**Armes.** *Sien ook* Aalmoes, Aalmoese Gee; Nederig, Nederigheid; Offerande; Vas; Welsyn

In die skrifture kan die woord verwys na (1) mense wat sonder die noodsaaklike stoflike goedere is, soos voedsel, klere en skuiling, of (2) mense wat nederig en sonder hoogmoed is.

*Arm aan stoflike goedere:* Jy moet jou hand nie toehou vir jou arm broer nie, **Deut.** 15:7. In sy hoogmoedigheid vervolg die goddelose die ellendige, **Ps.** 10:2. Wie aan die armes gee, sal nie gebrek ly nie, **Spr.** 28:27. Bring die ellendiges in die huis in, **Jes.** 58:6–7.

As jy volmaak wil wees, gee jou goed aan die armes, **Matt.** 19:21 (Mark. 10:21; Lk. 18:22). Het God nie die armes van hierdie wêreld uitverkies nie, **Jak.** 2:5.

Omdat hulle ryk is, verag hulle die armes, **2 Ne.** 9:30. Om vergifnis van jou sondes te behou, deel van julle besittings met die armes, **Mosia** 4:26. Hulle het van hul besittings met die armes gedeel, **Alma** 1:27. As julle die behoeftiges wegstuur, is julle gebede tevergeefs, **Alma** 34:28. Die Nefiete het alles in gemeen gehad; daar was nie ryk of arm gewees nie, **4 Ne.** 1:3.

Jy moet die armes in gedagte hou, **L&V** 42:30 (L&V 52:40). Wee julle armoediges wie se harte nie verbreek is nie, **L&V** 56:17–18. Die armes sal kom na die bruilof van die Lam, **L&V** 58:6–11. Die biskop moet die armes vind, **L&V** 84:112. Die evangeliese wet beheer die versorging van die armes, **L&V** 104:17–18.

Daar was geen armes onder hulle nie, **Moses** 7:18.

*Arm van gees:* Meer geseënd is diegene wat hulle verootmoedig sonder om verplig te word vanweë armoede, **Alma** 32:4–6, 12–16. Geseënd is die armes van gees wat na My toe kom, **3 Ne.** 12:3 (Matt. 5:3).

Die armes en sagmoediges sal die evangelie aan hulle verkondig kry, **L&V** 35:15.

**Asa**

In die Ou Testament, die derde koning van Juda. Die skrifture meld dat sy "hart volkome was met die Here al sy dae" (1 Kon. 15:14). Gedurende sy heerskappy het hy die leër verhef tot 'n toestand van bekwaamheid, die Ethiopiese juk afgegooi, die valse afgode verwyder, en het die volk genooi om 'n verbond te sluit om Jehova te soek (1 Kon. 15–16; 2 Kron. 14–16). Toe hy egter 'n siekte opdoen aan sy voete, het hy nie die Here se hulp gesoek nie en het ontslaap (1 Kon. 15:23–24; 2 Kron. 16:12–13).

**Aser.** *Sien ook* Israel; Jakob, Seun van Isak

In die Ou Testament, 'n seun van Jakob en Silpa, Lea se slavin (Gén. 30:12–13).

*Die stam van Aser:* Jakob het vir Aser geseën (Gén. 49:20), en Moses het die afstammelinge van Aser geseën (Deut. 33:1, 24–29). Hierdie afstammelinge is "dapper helde" genoem (1 Kron. 7:40).

**Assur**

'n Voortydse ryk wat, met sy mededinger Babilon, oor baie van die ou state van Aram en Filistéa regeer het gedurende die meeste van die Ou Testamentiese tye. Alhoewel die Assiriërs 'n vername mag was vanaf die middel van die 12de eeu v.C. tot die einde van die 7de eeu v.C., was hulle nooit in staat om 'n stabiele politieke struktuur te ontwikkel nie. Hulle het deur vrees regeer, en hulle vyande vergruis deur vuur en die swaard of deur hulle te verswak deur groot gedeeltes van 'n bevolking te deporteer na ander dele van hulle ryk. Die mense wat onder Assiriese beheer geplaas is, het voortdurend teen dié ryk geveg (Sien 2 Kon. 18–19; 2 Kron. 32; Jes. 7:17–20; 10; 19; 37).

**Baäl.** *Sien ook* Afgodery

'n Manlike son-god wat hoofsaaklik in Fenisië aanbid is (1 Kon. 16:31) maar is ook op verskillende maniere aanbid: deur die Moabiete as Baäl-Peor (Núm. 25:1–3), in Sigem as Baäl-Berít (Rigt. 8:33; 9:4), in Ekron as Baäl-Sebub (2 Kon. 1:2). Baäl mag dieselfde wees as Bel van Babilon en Zeus van Griekeland. Die woord *Baäl* beskryf die verhouding tussen 'n heer en sy slaaf. Die gebruiklike simbool vir Baäl was 'n bul. Astárte was die godin wat algemeen aanbid was saam met Baäl.

*Baäl* is soms gekombineer met 'n ander naam of woord om 'n verband met Baäl aan te dui, soos 'n plek waar hy aanbid was of 'n persoon met eienskappe soos dié van Baäl. Later, omdat *Baäl* baie bose betekenisse begin kry het, het die woord *Bóset* dit vervang in daardie gekombineerde name. *Bóset* beteken "skande."

**Babel, Babilon.** *Sien ook* Nebukadnésar; Wêreld

Die hoofstad van Babilonië.

Babel is deur Nimrod gestig en was een van die oudste stede in die land Mesopotamië of Sínear (Gén. 10:8–10). Die Here het die taal verwar in die tyd toe die mense die Toring van Babel gebou het (Gén. 11:1–9; Ether 1:3–5, 33–35). Babilon het later Nebukadnésar se hoofstad geword. Hy het 'n ontsaglike stad gebou waarvan die bouvalle nog bestaan. Babilon het 'n baie goddelose stad geword en het sedertdien simbolies geword van die boosheid van die wêreld.

Vlug uit die midde van Babilon, **Jer.** 51:6.

Babilon sal gevestig word en sal val, **Openb.** 17–18.

Babilon sal vernietig word, **2 Ne.** 25:15.

Babilon sal val, **L&V** 1:16. Ek sal niemand spaar wat oorbly in Babilon nie,

**L&V** 64:24. Gaan julle uit van Babilon, **L&V** 133:5, 7, 14.

**Balsem van Gílead**

ʼn Aromatiese gom of spesery wat gebruik is om wonde te genees (Gén. 43:11; Jer. 8:22; 46:11; 51:8). ʼn Bos wat die hars vervaardig waarvan die balsem gemaak is, het so volop gegroei in Gílead in Ou Testamentiese tye dat die balsem bekend geword het as die "balsem van Gílead" (Gén. 37:25; Eség. 27:17).

**Barábbas**

Naam van die man vrygelaat in plaas van Jesus ten tye van die kruisiging. Barábbas was ʼn oproermaker, ʼn moordenaar, en ʼn rower (Matt. 27:16–26; Mark. 15:6–15; Lk. 23:18–25; Joh. 18:40).

**Barmhartig, Barmhartigheid.**
*Sien ook* Genade; Geregtigheid; Jesus Christus; Vergewe; Versoen, Versoening

Die gees van medelye, teerheid en vergifnis. Barmhartigheid is een van die eienskappe van God. Jesus Christus bied barmhartigheid aan ons deur sy soenoffer.

Die Here is barmhartig en genadig, **Ex.** 34:6 (Deut. 4:31). Sy goedertierenheid is tot in ewigheid, **1 Kron.** 16:34. Net goedheid en guns sal my volg, **Ps.** 23:6. Hy wat medelyde het met die ellendiges, hy is gelukkig, **Spr.** 14:21. Ek het ʼn behae in liefde en nie in offerande nie, **Hos.** 6:6.

Geseënd is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word, **Matt.** 5:7 (3 Ne. 12:7). Wee julle geveinsdes wat tiendes gee, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg, barmhartigheid en trou, **Matt.** 23:23. Wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is, **Lk.** 6:36. Nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered, **Tit.** 3:5.

Die tere barmhartigheid van die Here is oor al diegene wat Hy gekies het, **1 Ne.** 1:20. Barmhartigheid het geen eis op diegene wat nie bekeer nie, **Mosia** 2:38–39. God is barmhartig teenoor almal wat in sy Naam glo, **Alma** 32:22. Barmhartigheid kan die eise van geregtigheid bevredig, **Alma** 34:16. Veronderstel jy dat barmhartigheid geregtigheid kan berowe, **Alma** 42:25 (Alma 42:13–25). Klein kindertjies is lewendig in Christus vanweë sy barmhartigheid, **Moro.** 8:19–20 (L&V 29:46).

Jesus Christus se arm van barmhartigheid het vir julle sondes versoen, **L&V** 29:1. Deur middel van die bloed wat Ek gestort het, het Ek voor die Vader gepleit vir hulle wat in my Naam glo, **L&V** 38:4. Hulle wat die verbond onderhou het sal barmhartigheid ontvang, **L&V** 54:6. Ek die Here vergewe sondes en is barmhartig teenoor diegene wat hulle sondes met nederige harte bely, **L&V** 61:2. Ek, die Here, betoon barmhartigheid teenoor al die sagmoediges, **L&V** 97:2. En wie jou ontvang as ʼn klein kindjie, ontvang my koninkryk, want hulle sal barmhartigheid ontvang, **L&V** 99:3.

Barmhartigheid sal voor jou aangesig gaan, **Moses** 7:31.

**Bárnabas**

Naam gegee aan Josef (ook genoem Joses), ʼn Leviet van Ciprus, wat sy grond verkoop het en die opbrengs gegee het aan die Apostels (Hand. 4:36–37). Hoewel nie een van die oorspronklike Twaalf Apostels nie, het hy ʼn Apostel geword (Hand. 14:4, 14) en het op verskeie sendingreise gegaan (Hand. 11:22–30; 12:25; 13–15; 1 Kor. 9:6; Gal. 2:1, 9; Kol. 4:10).

**Bartholoméüs.** *Sien ook* Natánael

In die Nuwe Testament, een van die

oorspronklike Twaalf Apostels van Jesus Christus (Matt. 10:2–4).

**Bátseba.** *Sien ook* Dawid

Vrou van Uría; later, vrou van Dawid en moeder van Salomo. Koning Dawid het egbreuk gepleeg met haar. Hy het ook gereël vir haar man se dood in die stryd (2 Sam. 11), welke sonde ewige gevolge gehad het vir Dawid (L&V 132:39).

**Bedrog, Bedrieg, Bedrieër.** *Sien ook* Lieg

In die skrifture is om te bedrieg om iemand iets te laat glo wat nie waar is nie. In die skrifture is bedrog geslepe slinksheid.

Hy wat nie vals sweer nie, sal seën wegdra van die Here, **Ps.** 24:3–4. Welgeluksalig is die mens in wie se gees geen bedrog is nie, **Ps.** 32:2 (Ps. 34:14; 1 Petr. 2:1). Red my van die man van bedrog en onreg, **Ps.** 43:1. Wee hulle wat sleg goed noem, en goed sleg, **Jes.** 5:20 (2 Ne. 15:20).

Natánael was ’n Israeliet in wie daar geen bedrog was nie, **Joh.** 1:48 (L&V 41:9–11). Laat niemand homself bedrieg nie, **1 Kor.** 3:18. Laat niemand julle met ydel woorde verlei nie, **Efés.** 5:6. Goddelose mense sal bedrieg en bedrieg word, **2 Tim.** 3:13. Satan, wat die hele wêreld verlei het, is neergewerp, **Openb.** 12:9. Satan is gebind sodat hy die nasies nie meer kan verlei nie, **Openb.** 20:1–3.

Die Here kan nie bedrieg word nie, **2 Ne.** 9:41. As julle die Seun volg, en optree sonder geveinsdheid of bedrog voor God, sal julle die Heilige Gees ontvang, **2 Ne.** 31:13. Sjerem het bely dat hy bedrieg was deur die mag van die duiwel, **Jakob** 7:18. Die volk van Koning Mosia was bedrieg deur vleiende woorde, **Mosia** 11:7.

Die wyses het die Heilige Gees geneem as hul leidsman en is nie verlei nie, **L&V** 45:57. Wee hulle wat bedrieërs is, **L&V** 50:6. Suiwer kennis bevorder die siel sonder bedrog, **L&V** 121:42.

Hy het Satan geword, die vader van alle leuens, om te bedrieg en om mense te verblind, **Moses** 4:4.

**Begeer.** *Sien ook* Afguns

Soos gebruik in die skrifture beteken begeer om afgunstig te wees op iemand of om ’n uitermate begeerte te hê vir iets.

Jy sal nie begeer nie, **Ex.** 20:17 (Deut. 5:21; Mosia 13:24; L&V 19:25). Die wat onregverdige wins haat, sal die dae verleng, **Spr.** 28:16. Hulle begeer velde en roof dit, **Miga** 2:2.

Pasop vir die hebsug, **Lk.** 12:15. Die wet het gesê: Jy mag nie begeer nie, **Rom.** 7:7. In die laaste dae sal die mense geldgierig wees, **2 Tim.** 3:1–2.

Toe Laban ons besittings sien, het hy dit begeer, **1 Ne.** 3:25.

Jy moet nie jou eie besittings begeer nie, **L&V** 19:26. Hou op om gierig te wees, **L&V** 88:123. Moenie dit begeer wat jou broer s’n is nie, **L&V** 136:20.

**Begeerte, Groot**

Om ’n onbehoorlike sterk begeerte vir iets te hê.

Hulle sal vir hulle ’n menigte leraars versamel volgens hulle eie begeerlikhede, **2 Tim.** 4:3–4.

Toe Laban ons besittings sien, het hy dit begeer, **1 Ne.** 3:25. Moet nie meer die begeerte van jou oë najaag nie, **Alma** 39:3–4, 9.

**Begiftiging.** *Sien ook* Tempel, Huis van die Here

In ’n algemene sin, ’n gawe van krag van God. Waardige lede van die Kerk kan ’n gawe van krag ontvang deur ordinansies in die tempel wat hulle onderrig en verbonde gee van die Heilige Priesterskap wat hulle benodig ten einde verheffing te verkry. Die begiftiging sluit in onderrig aangaande die heilsplan.

Daar sal julle begiftig word met krag van bo, **L&V** 38:32, 38 (Lk. 24:49; L&V 43:16). Bou 'n huis, in welke huis Ek voornemens is om diegene te begiftig wat Ek gekies het, **L&V** 95:8. Ek het 'n groot begiftiging en seën berei, **L&V** 105:12, 18, 33. Baie sal hul verheug vanweë die begiftiging waarmee my diensknegte begiftig is, **L&V** 110:9. Heerlikheid, eer, en begiftiging word geordineer deur die ordinansie van my heilige huis, **L&V** 124:39. Diegene wat geroep is deur die Vader, soos Aäron was, word begiftig met sleutels van die priesterskap, **L&V** 132:59.

**Begin.** *Sien ook* Jesus Christus; Skep, Skepping; Vooraardse Lewe

Verwys in die algemeen na die tyd voor hierdie sterflike lewe—dit is, die vooraardse lewe. Soms word daar na Jesus Christus verwys as die Begin.

In die begin het God die hemel en die aarde geskape, **Gén.** 1:1 (Moses 2:1).

In die begin was die Woord, **Joh.** 1:1.

Ek is Alfa en Omega, die begin en die einde, **3 Ne.** 9:18.

Christus is die begin en die einde, **L&V** 19:1. Die nuwe en ewigdurende verbond was vanaf die begin, **L&V** 22:1. Die mens was in die begin by God, **L&V** 93:23, 29. Edel en groot geeste is gekies in die begin om heersers te wees, **L&V** 138:55.

My Eniggeborene was by My vanaf die begin, **Moses** 2:26.

**Beginsel.** *Sien ook* Evangelie

'n Basiese leer, waarheid of wet. Die eerste beginsels van die evangelie is geloof in die Here Jesus Christus en bekering (Gel. Art. 1:4).

Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking nie, maar na die volmaaktheid voortgaan, **JSV, Hebr.** 6:1.

Die ouderlinge, priesters en leraars sal die beginsels van my evangelie leer, wat in die skrifture is, **L&V** 42:12. Julle moet volmaakter onderrig word in beginsel, in leer, in alle dinge, **L&V** 88:78 (L&V 97:14). Sodat elke mens kan handel in leer en beginsel volgens die morele handelingsmag wat Ek hom gegee het, **L&V** 101:78. Watter peil van intelligensie ons bereik in hierdie lewe, sal met ons verrys in die opstanding, **L&V** 130:18–19.

**Begrip.** *Sien ook* Kennis; Waarheid; Wysheid

Om kennis te verkry of om die betekenis waar te neem van 'n waarheid, insluitende die toepassing daarvan op die lewe.

Steun nie op jou eie insig nie, **Spr.** 3:5. Verwerf insig deur al wat jy besit, **Spr.** 4:7.

Jesus het in gelykenisse gespreek en sommiges het nie verstaan nie, **Matt.** 13:12–17. Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan, **Lk.** 24:45.

As julle nie hierdie woorde kan verstaan nie, sal dit wees omdat julle nie vra nie, **2 Ne.** 32:4 (3 Ne. 17:3). Die kronieke is behou sodat ons mag lees en verstaan, **Mosia** 1:2–5. Vanweë hulle ongeloof kon hulle nie die woord van God verstaan nie, **Mosia** 26:3. Hulle was manne van 'n gesonde begrip, **Alma** 17:2–3. Die woord begin om my verstand te verlig, **Alma** 32:28.

Laat ons saam redeneer, dat julle kan verstaan, **L&V** 50:10–12, 19–23. Ouers moet hulle kinders leer om te verstaan, **L&V** 68:25. Die werke en die verborgenhede van God kan net begryp word deur die Heilige Gees, **L&V** 76:114–116. Satan soek om die mens se hart af te wend van begrip, **L&V** 78:10. Die lig van Christus verhelder ons begrip, **L&V** 88:11.

**Bekeer, Bekering.** *Sien ook* Bely, Belydenis; Dissipel; Gebroke Hart; Jesus Christus; Vergewe; Vergifnis van Sondes; Versoen, Versoening; Wedergebore, Gebore uit God

'n Verandering van gedagtes en hart

wat 'n nuwe houding bring teenoor God, die persoon self, en die lewe in die algemeen. Bekering beteken dat 'n persoon wegkeer van boosheid en dat hy sy hart en wil keer na God deur hom te onderwerp aan God se gebooie en begeertes en sonde te verwerp. Ware bekering kom deur 'n liefde vir God en 'n opregte begeerte om sy gebooie te onderhou. Alle toerekenbare persone het gesondig en moet bekeer ten einde te vorder na heil. Net deur die Versoening van Jesus Christus kan ons bekering van krag word en aanvaar word deur God.

Bekering sluit in 'n bewustelike besluit om 'n mens se vroeëre gewoontes prys te gee en te verander om 'n dissipel van Christus te word. Bekering, doop vir die vergifnis van sondes, die ontvangs van die Heilige Gees deur die oplegging van hande, en volgehoue geloof in die Here Jesus Christus maak bekering volkome. 'n Natuurlike mens sal in 'n nuwe skepsel verander word wat geheilig en rein is, wedergebore in Christus Jesus (2 Kor. 5:17; Mosia 3:19).

Doen belydenis vir die Here, **Esra** 10:11. Neem die boosheid van julle handelinge voor my oë weg, hou op om kwaad te doen, **Jes.** 1:16. Bekeer julle en wend julle af van al julle oortredinge, **Eség.** 18:30–31.

Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom, **Matt.** 3:2. Mense moet bekeer en soos kindertjies word, **Matt.** 18:3 (Mosia 3:19). Daar sal blydskap wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, **Lk.** 15:7. As jy eendag bekeerd is, moet jy jou broers versterk, **Lk.** 22:32. Hulle wat met blydskap sy woord aangeneem het, is gedoop, **Hand.** 2:37–41. God verkondig nou aan al die mense oral dat hulle moet bekeer, **Hand.** 17:30 (2 Ne. 9:23; 3 Ne. 11:31–40; L&V 133:16). Droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot redding, **2 Kor.** 7:10. Bekeer die sondaar van sy dwaalweg, **Jak.** 5:20.

Enos het bekeer, **Enos** 1:2–5. Koning Benjamin se woorde het 'n geweldige verandering onder die volk bewerkstellig, **Mosia** 5:2 (Alma 5:12–14). As hy sy sondes bely en bekeer, sal julle hom vergewe, **Mosia** 26:29. Die hele mensdom moet weer gebore word, ja, gebore vanuit God, **Mosia** 27:25. Alma en die seuns van Mosia het bekeer, **Mosia** 27:33–35. Na Alma se prediking het baie mense begin om te bekeer, **Alma** 14:1. Lamoni se vader het bekeer, **Alma** 22:15–18. Moenie die dag van jou bekering uitstel nie, **Alma** 34:33. Alma het vir Helaman van sy bekering en ommekeer geleer, **Alma** 36 (Mosia 27:8–32). Bekering kan nie tot die mens kom, tensy daar 'n straf was nie, **Alma** 42:16. Laat jou sondes jou verontrus met daardie verontrusting wat jou tot bekering sal bring, **Alma** 42:29. Deur die krag en woord van God, is hulle bekeer tot die Here, **Alma** 53:10. Bekering bring 'n verandering van hart teweeg, **Hel.** 15:7. Soveel as wat bekeer het, het waarlik getoon dat hulle besoek is deur die krag en Gees van God, **3 Ne.** 7:21. Vanweë hulle geloof in Christus ten tye van hul bekering, is hulle gedoop met vuur en met die Heilige Gees. Julle sal 'n offerande van 'n gebroke hart en 'n verslae gees aan My offer, **3 Ne.** 9:20. Wie ook al bekeer en na My kom soos 'n klein kindjie, hom sal Ek ontvang, **3 Ne.** 9:22. Bekeer, al julle eindes van die aarde, **3 Ne.** 27:20. So dikwels as wat hulle bekeer het, is hulle vergewe, **Moro.** 6:8.

Sê niks behalwe bekering aan hierdie geslag nie, **L&V** 6:9 (L&V 11:9). Hoe groot is sy vreugde in die siel wat bekeer, **L&V** 18:13. Elke mens moet bekeer of ly, **L&V** 19:4. Hy wat sondig en nie bekeer nie, sal uitgewerp word, **L&V** 42:28. Hulle sal uitgaan en bekering verkondig, en baie sal bekeer word, **L&V** 44:3–4. Hy wat bely en sy sondes versaak, is vergewe, **L&V** 58:42–43. Die dode wat bekeer sal verlos word, **L&V** 138:58.

Ons glo in bekering, **Gel. Art.** 1:4.

**Beloofde Land**

Land wat die Here beloof as 'n erfenis aan sy getroue volgelinge en ook dikwels aan hulle afstammelinge. Daar is baie beloofde lande. Die beloofde land waarvan dikwels gepraat word in die Boek van Mormon, is die Amerikas.

Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee, **Gén.** 12:7 (Abr. 2:19). Ek sal aan jou en jou nageslag die land Kanaän gee, **Gén.** 17:8 (Gén. 28:13). Moses het die grense van die land vir Israel in Kanaän aangewys, **Núm.** 34:1–12 (Núm. 27:12).

Julle sal gelei word na 'n beloofde land, **1 Ne.** 2:20 (1 Ne. 5:5). Die Here lei die regverdiges weg na begeerlike lande, **1 Ne.** 17:38. As Lehi se afstammelinge God se gebooie onderhou, sal hulle in die beloofde land voorspoedig wees, **2 Ne.** 1:5–9. Israel sal terugkeer na hulle beloofde lande, **2 Ne.** 24:1–2 (Jes. 14:1–2). Watter nasie hierdie beloofde land sal besit, moet God dien, of hulle sal weggevee word, **Ether** 2:9–12.

Dit is die beloofde land, en die plek vir die stad Sion, **L&V** 57:2. Juda mag begin om na die lande van Abraham terug te keer, **L&V** 109:64.

Die Nuwe Jerusalem sal op die Amerikaanse vasteland gebou word, **Gel. Art.** 1:10.

**Bélsasar.** *Sien ook* Babel, Babilon

In die Ou Testament, die laaste koning van Babilon wat regeer het voor Kores Babilon verower het; die seun en opvolger van Nebukadnésar (Dan. 5:1–2).

**Bely, Belydenis.** *Sien ook* Bekeer, Bekering; Vergewe

Die skrifture gebruik *belydenis* op ten minste twee maniere. In een sin beteken om te bely om mens se geloof in iets te verklaar, soos om te bely dat Jesus die Christus is (Matt. 10:32; Rom. 10:9; 1 Joh. 4:1–3; L&V 88:104).

In 'n ander sin, beteken om te bely om 'n mens se skuld te erken soos in 'n belydenis van sondes. Dit is 'n plig van alle mense om al hulle sondes te bely aan die Here en sy vergifnis verkry (L&V 58:42–43). Wanneer nodig, moet sondes bely word aan die persoon of persone teen wie gesondig is. Ernstige sondes moet aan 'n Kerkamptenaar bely word (in die meeste gevalle die biskop).

Hy sal bely dat hy gesondig het, **Lev.** 5:5. Hulle sal hul ongeregtigheid bely, **Lev.** 26:40–42. Maak die Here God van Israel heerlik en bely voor Hom, **Jos.** 7:19.

Die mense is deur hom gedoop in die Jordaan en het hulle sondes bely, **Matt.** 3:5–6.

Die oortreder wat sy sondes bely, sal vergewe word, **Mosia** 26:29.

Bely jou sondes, sodat jy nie strawwe hoef te ly nie, **L&V** 19:20. Die bekeerlinge sal hulle sondes bely en versaak, **L&V** 58:43. Die Here is genadig teenoor diegene wat sondes bely met nederige harte, **L&V** 61:2. Die Here vergewe die sondes van diegene wat bely en vergifnis vra, **L&V** 64:7.

**Benjamin, Seun van Jakob.** *Sien ook* Israel; Jakob, Seun van Isak

In die Ou Testament, die tweede seun van Jakob en Ragel (Gén. 35:16–20).

*Die stam van Benjamin:* Jakob het Benjamin geseën (Gén. 49:27). Die afstammelinge van Benjamin was 'n oorlogsugtige volk. Twee belangrike Benjamiete was Saul, die eerste Israelitiese koning (1 Sam. 9:1–2), en Paulus, die Nuwe Testamentiese Apostel (Rom. 11:1).

**Benjamin, Vader van Mosia.** *Sien ook* Mosia, Seun van Benjamin

'n Boek van Mormon profeet en koning (Mosia 1–6).

Het te make gehad met ernstige probleme om vrede te vestig in die land,

**Omni** 1:23–25 (WvM 1:12–18). Het sy seuns geleer, **Mosia** 1:1–8. Het die koninkryk oorgedra aan sy seun Mosia, **Mosia** 1:9–18. Sy volk het bymekaar gekom om sy finale rede aan te hoor, **Mosia** 2:1–8. Het sy volk toegespreek, **Mosia** 2:9–4:30. Sy volk het ′n verbond gesluit met die Here, **Mosia** 5–6.

**Berg Sinai.** *Sien ook* Moses; Wet van Moses

′n Berg op die Sinai-skiereiland naby welke berg Moses en die Israeliete vir drie maande laer opgeslaan het na hulle uittog uit Egipte. Dit word ook die Berg Horeb genoem (Ex. 3:1). Hier het God aan Moses sy wet gegee vir die huis van Israel; hier is die tabernakel ook gebou (Ex. 19:2; 20:18; 24:12; 32:15).

**Bergpredikasie.** *Sien ook* Jesus Christus; Saligsprekinge

′n Leerrede deur die Here Jesus Christus aan sy dissipels wat op die punt was om uitgestuur te word op sendings (Matt. 5–7; Lk. 6:20–49). Die Here het die predikasie gegee kort nadat die Twaalf geroep is.

Die predikasie is duideliker gemaak deur die Joseph Smith Vertaling van die Bybel en deur ′n soortgelyke rede wat aangeteken is in 3 Nefi 12–14 wat toon dat belangrike dele van die predikasie van die verslag in Matthéüs verlore gegaan het.

**Besnydenis.** *Sien ook* Abraham, Verbond van

Die teken van die verbond van Abraham vir manlike Israeliete gedurende die Ou Testamentiese tydvak (Gén. 17:10–11, 23–27; JSV, Gén. 17:11 [Bylae]). Besnydenis is uitgevoer deur die "vlees van die voorhuid" af te sny van manlike babas en volwassenes. Diegene wat dit ontvang het, het die voorregte geniet en het die verantwoordelikhede aanvaar van die verbond. Besnydenis as ′n teken van die verbond is weggedoen deur Christus se sending (Moro. 8:8; L&V 74:3–7).

**Betánië**

Die dorp waarin Jesus Christus gewoon het gedurende die laaste week van sy aardse lewe (Matt. 21:17; Mark. 11:11). Geleë aan die suidoostelike hang van die Olyfberg, was Betánië die tuiste van Lasarus, Maria, en Martha (Joh. 11:1–46; 12:1).

**Bet-El**

In Hebreeus beteken dit "huis van God" en is een van die heiligste plekke in Israel. Dit is geleë ongeveer sestien kilometer noord van Jerusalem. Hier het Abraham sy altaar gebou ten tye van sy eerste aankoms in Kanaän (Gén. 12:8; 13:3). Hier het Jakob in ′n visioen ′n leer gesien wat tot die hemel reik (Gén. 28:10–19). Dit was ook ′n heilige plek in die dae van Samuel (1 Sam. 7:16; 10:3).

**Betlehem**

′n Klein stad geleë 8 kilometer suid van Jerusalem. In Hebreeus beteken Betlehem "huis van brood"; dit word ook genoem Efrata, wat "vrugbaar" beteken. Jesus Christus is gebore in Betlehem (Miga 5:1; Matt. 2:1–8). Dit is die plek waar Ragel begrawe is (Gén. 35:19; 48:7).

Rut en Boas het daar gewoon, **Rut** 1:22. Samuel het vir Dawid daar gesalf, **1 Sam.** 16:1–13; 17:12, 15; 20:6, 28.

Herodes het die kinders daar laat doodmaak, **Matt.** 2:16.

**Bevestiging.** *Sien* Hande, Oplegging van

**Bevriend.** *Sien ook* Eenheid; Liefde

Vir Heiliges van die Laaste Dae sluit in "om te bevriend", om vriendskap aan te bied, te dien, op te hef en andere te versterk.

Jy moet jou naaste liefhê soos jouself, **Lev.** 19:18 (Matt. 19:19; L&V 59:6).

As jy eendag bekeerd is, moet jy jou broers versterk, **Lk.** 22:32. Julle is my dissipels as julle liefde onder mekaar het, **Joh.** 13:35. Laat my skape wei, **Joh.** 21:15–17. Hulle het gebid dat ons op ons die vriendskap moes neem in die diensbetoning aan die Heiliges, **2 Kor.** 8:1–5. Ons gemeenskap is met die Vader, en met sy Seun, **1 Joh.** 1:3.

Die Nefiete en Lamaniete het vriendskaplik met mekaar verkeer, **Hel.** 6:3.

Laat elkeen sy broer hoog ag soos homself, **L&V** 38:24–25. As julle nie een is nie, is julle nie myne nie, **L&V** 38:27. Ek ontvang jou in broederskap om jou vriend en broer te wees, **L&V** 88:133.

**Bíleam**

'n Profeet in die Ou Testament wat gevra is om Israel te vervloek vir geld. Hy is beveel deur die Here om Israel nie te vervloek nie (Núm. 22–24).

Bileam se donkie het geweier om verder te gaan omdat 'n engel in sy pad gestaan het, **Núm.** 22:22–35.

**Biskop.** *Sien ook* Ääroniese Priesterskap

Beteken "opsiener," 'n amp of posisie van verantwoordelikheid. Biskop is 'n geordineerde amp in die Ääroniese Priesterskap (L&V 20:67; 107:87–88), en 'n biskop is 'n algemene regter in Israel (L&V 107:72, 74).

Die Heilige Gees het julle as opsieners aangestel, **Hand.** 20:28. Vereistes word uiteengesit vir biskoppe, **1 Tim.** 3:1–7 (Tit. 1:7).

'n Biskop moet geordineer word, **L&V** 20:67. Edward Partridge moes as 'n biskop dien vir die Kerk, **L&V** 41:9. 'n Biskop moet geestelike gawes onderskei, **L&V** 46:27, 29. 'n Hoëpriester mag dien in die amp van biskop, **L&V** 68:14, 19 (L&V 107:17). 'n Biskop word aangestel deur die Here, **L&V** 72. 'n Biskop moet vir die armes sorg, **L&V** 84:112. 'n Biskop moet alle stoflike dinge bedien, **L&V** 107:68. 'n Biskop is president van die Ääroniese Priesterskap, **L&V** 107:87–88.

**Bloed.** *Sien ook* Jesus Christus; Offerande; Versoen, Versoening

Beskou deur die voortydse Israeliete en baie kulture vandag as die setel van lewe of bron van energie van alle vlees. In Ou Testamentiese tye het die Here Israel verbied om bloed te eet as voedsel (Lev. 3:17; 7:26–27; 17:10–14).

Die versoenende krag van 'n offerande was in die bloed omdat die bloed beskou was as noodsaaklik vir die lewe. Diere offerande in die Ou Testament was 'n simbool van die groot offerande wat later deur Jesus Christus gedoen is (Lev. 17:11; Moses 5:5–7). Jesus Christus se versoeningsbloed reinig die bekeerde van sonde (1 Joh. 1:7).

Sy sweet het geword soos bloeddruppels, **Lk.** 22:44. Ons word geheilig deur die storting van die bloed van Christus, **Hebr.** 10:1–22.

Bloed kom uit elke porie, **Mosia** 3:7 (L&V 19:18).

Die Here se bloed is gestort vir die vergifnis van sondes, **L&V** 27:2. Jesus het 'n volmaakte versoening bewerkstellig deur sy bloed te stort, **L&V** 76:69.

Deur die bloed word julle geheilig, **Moses** 6:60.

**Boas.** *Sien ook* Rut

Man van Rut (Rut 4:9–10); oorgrootvader van Dawid, die Koning van Israel (Rut 4:13–17); en voorvader van Christus, die Koning van konings (Lk. 3:32).

**Boek van die Lewe.** *Sien ook* Boek van Herinnering

In een sin is die Boek van die Lewe die som van 'n persoon se gedagtes en dade—die kroniek van sy lewe. Nogtans dui die Skrifture ook aan dat 'n hemelse kroniek bygehou word van die getroues, insluitende hulle name en beskrywing van hul regverdige dade.

Die Here sal sondaars uit sy boek uitdelg, **Ex.** 32:33.

Hy wat oorwin sal nie uit die boek van die lewe uitgewis word nie, **Openb.** 3:5. ʼn Ander boek is geopen, wat die boek van die lewe is, **Openb.** 20:12 (L&V 128:6–7).

Die name van die regverdiges sal in die boek van die lewe geskryf word, **Alma** 5:58.

Jul gebede is opgeteken in die boek met die name van die geheiligdes, **L&V** 88:2.

**Boek van Gebooie.** *Sien ook* Leer en Verbonde; Openbaring

In 1833 is ʼn aantal van die openbarings wat ontvang is deur die Profeet Joseph Smith voorberei vir publikasie onder die titel *A Book of Commandments for the Government of the Church of Christ* [ʼn Boek van Gebooie vir die Bestuur van die Kerk van Christus]. Die Here het voortgegaan om met sy diensknegte te kommunikeer, en ʼn vergrote samestelling van openbarings is twee jaar later gepubliseer as die Leer en Verbonde.

L&V 1 is die Here se inleiding tot die boek van sy gebooie, **L&V** 1:6. Die Here het die wysste persoon gedaag om die geringste van sy openbarings te dupliseer in die Boek van Gebooie, **L&V** 67:4–9. Rentmeesters is aangestel om die openbarings te publiseer, **L&V** 70:1–5.

**Boek van Herinnering.** *Sien ook* Boek van die Lewe; Geslagsregister

ʼn Boek wat begin is deur Adam waarin die werke van sy nageslagte opgeteken is; ook enige soortgelyke verslae wat bygehou is deur profete en getroue lede vanaf daardie tyd. Adam en sy kinders het ʼn boek van herinnering bygehou waarin hulle deur die gees van inspirasie geskryf het, en ʼn boek van die geslagte, wat ʼn geslagsregister bevat het (Moses 6:5, 8). Sulke verslae mag wel bydra om ons finale oordeel te bepaal.

ʼn Boek van herinnering is geskrywe, **Mal.** 3:16–18 (3 Ne. 24:16–18).

En hulle almal wat nie in die boek van herinnering opgeskryf gevind word nie, sal geen erfdeel op daardie dag kry nie, **L&V** 85:9. Die dode is geoordeel volgens daardie dinge wat in die boeke geskrywe is, **L&V** 128:7. Laat ons ʼn boek voorlê wat die name van ons dode bevat, **L&V** 128:24.

ʼn Boek van herinnering is bygehou, **Moses** 6:5–8. Ons het ʼn boek van herinnering bygehou, **Moses** 6:46. Abraham het hard getrag om ʼn kroniek te skryf vir sy nageslag, **Abr.** 1:31.

**Boek van Mormon.** *Sien ook* Efraim—Die stok van Efraim of Josef; Getuies van die Boek van Mormon; Goue Plate; Kanon; Mormon, Nefitiese Profeet; Plate; Skrifture; Smith, Joseph, Jr.

Een van die vier boekdele van skrifture wat aanvaar word deur Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae. Dit is ʼn verkorting deur ʼn voortydse profeet genaamd Mormon van die kronieke van voortydse inwoners van die Amerikas. Dit is geskryf om te getuig dat Jesus die Christus is. Betreffende hierdie kroniek, het die Profeet Joseph Smith, wat dit vertaal het deur die gawe en mag van God, gesê, "Ek het aan die broers gesê dat die Boek van Mormon die mees korrekte van enige boek op aarde is, en is die sluitsteen van ons geloof, en ʼn mens sal nader aan God kom deur te hou by die beginsels daarin vervat, as deur enige ander boek" (sien die inleiding voor in die Boek van Mormon).

Die Boek van Mormon is ʼn godsdienstige kroniek van drie groepe mense wat van die Ou Wêreld verhuis het na die Amerikaanse vastelande. Hierdie groepe is gelei deur profete wat hulle godsdienstige en wêreldse geskiedenis opgeteken het op metaalplate. Die Boek van Mormon vermeld

die besoek van Jesus Christus aan mense van die Amerikas na sy Opstanding. ′n Tweehonderdjarige vredestydperk het daardie besoek van Christus gevolg.

Moroni, die laaste van die Nefitiese profeet-historici, het die verkorte kronieke van hierdie volke verseël en het hulle weggebêre in ongeveer 421 n.C. In 1823 het die herrese Moroni vir Joseph Smith besoek en het later hierdie voortydse en heilige kronieke aan hom oorhandig om vertaal te word en aan die wêreld te gee as nog ′n getuienis van Jesus Christus.

Josef is ′n jong vrugteboom wie se takke oor die muur klim, **Gén.** 49:22–26. Trou sal uit die aarde spruit, **Ps.** 85:12 (Morm. 8:16; Moses 7:62). Die Here sal ′n banier ophef vir die nasies en fluit vir die volk, **Jes.** 5:26. Jy sal diep uit die grond spreek, **Jes.** 29:4 (2 Ne. 26:14–17). Die visioen van al hierdie dinge het vir julle geword soos die woorde van ′n verseëlde boek, **Jes.** 29:11 (Jes. 29:9–18; 2 Ne. 27:6–26). Die stok van Josef en van Juda sal een word in die Here se hand, **Eség.** 37:15–20.

Ander skape het ek wat nie aan hierdie stal behoort nie, **Joh.** 10:16 (3 Ne. 15:16–24).

Die Boek van Mormon en die Bybel sal saamgroei, **2 Ne.** 3:12–21. Die Here se woorde sal voortsis tot aan die eindes van die aarde, **2 Ne.** 29:2. Die Here het met Enos ′n verbond gesluit om die Boek van Mormon voort te bring na die Lamaniete, **Enos** 1:15–16. Die Boek van Mormon is geskryf met die doel dat ons die Bybel mag glo, **Morm.** 7:9. Die Boek van Mormon sal staan as ′n getuienis teen die wêreld, **Ether** 5:4. Vra God of hierdie dinge nie waar is nie, **Moro.** 10:4.

Christus het getuig dat die Boek van Mormon waar is, **L&V** 17:6. Die Boek van Mormon bevat die volheid van die evangelie van Jesus Christus, **L&V** 20:9 (L&V 20:8–12; 42:12).

Ons glo dat die Boek van Mormon die woord van God is, **Gel. Art.** 1:8.

**Boom van die Lewe.** *Sien ook* Eden

′n Boom in die Tuin van Eden en die paradys van God (Gén. 2:9; Openb. 2:7). In Lehi se droom verteenwoordig die boom van die lewe die liefde van God en word na verwys as die grootste van al die gawes van God (1 Ne. 8; 11:21–22, 25; 15:36).

Gérubs en ′n vlammende swaard bewaak die toegang tot die boom van die lewe, **Gén.** 3:24 (Alma 12:21–23; 42:2–6). Johannes het die boom van die lewe gesien en die blare het genesende krag gehad vir die nasies, **Openb.** 22:2. Lehi het die boom van die lewe aanskou, **1 Ne.** 8:10–35. Nefi het die boom gesien wat sy vader gesien het, **1 Ne.** 11:8–9. Die ysterstaaf lei na die boom van die lewe, **1 Ne.** 11:25 (1 Ne. 15:22–24). ′n Vreeslike kloof skei die bose van die boom van die lewe, **1 Ne.** 15:28, 36. Dit was noodwendig dat daar ′n verbode vrug moes wees in teenstelling met die boom van die lewe, **2 Ne.** 2:15. Kom na die Here en neem van die vrug van die boom van die lewe, **Alma** 5:34, 62. As ons eerste ouers van die boom van die lewe geneem het, sou hulle vir altyd ellendig gewees het, **Alma** 12:26. As julle nie die woord wil versorg nie, kan julle nooit van die vrugte van die boom van die lewe pluk nie, **Alma** 32:40.

Die Here het die boom van die lewe in die middel van die tuin geplant, **Moses** 3:9 (Abr. 5:9). God het Adam uit Eden gestuur sodat hy nie van die boom van die lewe sou eet en vir altyd lewe nie, **Moses** 4:28–31.

**Boos, Boosheid.** *Sien ook* Duisternis, Geestelike; Onregverdig, Onregverdigheid; Sonde; Vieslik, Vieslikheid

Iemand of iets wat nie in ooreenstemming is met die wil of gebooie van God

nie; onheilig. Boos, onregverdigheid; om ongehoorsaam te wees aan God se gebooie.

Hoe kan ek dan hierdie groot kwaad doen en sondig teen God, **Gén.** 39:7–9. Die weg van die goddelose sal vergaan, **Ps.** 1:6. Die Here is ver van die goddelose, maar die gebed van die regverdiges hoor Hy, **Spr.** 15:29. As die goddelose heers, sug die volk, **Spr.** 29:2 (L&V 98:9).

Verwyder tog dié slegte mens onder julle uit, **1 Kor.** 5:13. Ons worstelstryd is teen die bose geeste in die lug, **Efés.** 6:12. As die regverdige nouliks gered word, waar sal die goddelose en die sondaar verskyn, **1 Petr.** 4:18.

Kom julle uit onder die bose, en raak nie hulle onreine dinge aan nie, **Alma** 5:56–57 (L&V 38:42). Dit is die uiteindelike toestand van die bose, **Alma** 34:35 (Alma 40:13–14). Goddeloosheid was nooit geluk nie, **Alma** 41:10. Dit is deur die bose wat die bose gestraf word, **Morm.** 4:5 (L&V 63:33). Ontsê julleself van alle boosheid, **Moro.** 10:32.

Op daardie uur kom 'n algehele skeiding van die regverdiges en die bose, **L&V** 63:54. Wraak kom spoedig oor die bose, **L&V** 97:22. Onder die bose was die Saligmaker se stem nie verhef nie, **L&V** 138:20.

Aldus kom die einde van die goddelose, **JS—M** 1:55.

**Borsplaat.** *Sien ook* Urim en Tummim

Die skrifture noem twee soorte borsplate: (1) Die voorkant van 'n soldaat se beskermende klere of wapenrusting. In 'n simboliese sin behoort Heiliges 'n borsplaat van geregtigheid te dra om hulleself te beskerm teen die bose (Jes. 59:17; Efés. 6:14). (2) 'n Kledingstuk wat gedra is deur die hoëpriester onder die wet van Moses (Ex. 28:13–30; 39:8–21). Dit was van linne gemaak en het twaalf edelstene bevat. Daar word somtyds na verwys in verband met die Urim en Tummim (L&V 17:1; JS—G 1:35, 42, 52).

**Bose Gees.** *Sien* Gees—Bose geeste

**Broers.** *Sien ook* Mens die, Mense; Suster; Vrou, Vroue

As kinders van ons Hemelse Vader is alle mans en vrouens geestelike broers en susters. In die Kerk word manlike lede en vriende van die Kerk dikwels aangespreek as broers.

As jy eendag bekeerd is, versterk jou broers, **Lk.** 22:32. Hy wat sy broer nie liefhet nie, bly in die dood, **1 Joh.** 3:10–17.

Dink aan julle broers soos aan julleself, **Jakob** 2:17.

Laat elkeen sy broer hoog ag soos homself, **L&V** 38:24–25. Versterk jou broers in al jou gesprekke, **L&V** 108:7.

**Bronsplate.** *Sien ook* Plate

'n Kroniek van die Jode vanaf die begin tot 600 v.C. wat baie geskrifte bevat van die profete (1 Ne. 5:10–16). Hierdie kroniek is bygehou deur Laban, een van die Joodse oudstes in Jerusalem. Terwyl Lehi en sy gesin in die wildernis was, het Lehi sy seuns teruggestuur na Jerusalem om die kroniek te verkry (1 Ne. 3–4). (Vir verdere inligting sien "'n Kort verduideliking van die Boek van Mormon" wat in die Boek van Mormon voorkom.)

**Brood van die Lewe.** *Sien ook* Jesus Christus; Nagmaal

Jesus Christus is die Brood van die Lewe. Die brood van die nagmaal verteenwoordig simbolies Christus se liggaam.

Ek is die brood van die lewe, **Joh.** 6:33–58.

Eet en drink van die brood en water van die lewe, **Alma** 5:34. Brood is ter nagedagtenis van Christus se liggaam, **3 Ne.** 18:5–7.

Brood is 'n simbool van Christus se vlees, **L&V** 20:40, 77 (Moro. 4).

**Bruidegom.** *Sien ook* Jesus Christus

Jesus Christus word in die skrifture gesimboliseer as die Bruidegom. Die Kerk is sy simboliese bruid.

Tien maagde het uitgegaan om die Bruidegom te ontmoet, **Matt.** 25:1–13. Hy wat die bruid het, is die Bruidegom, **Joh.** 3:27–30. Geseënd is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam, **Openb.** 19:5–10.

Wees gereed by die koms van die Bruidegom, **L&V** 33:17. Maak gereed vir die Bruidegom, **L&V** 65:3.

**Buitenste Duisternis.** *Sien* Hel

**Bybel.** *Sien ook* Apokriewe; Efraim—Die stok van Efraim of Josef; Juda—Die stok van Juda; Kanon; Nuwe Testament; Ou Testament; Skrifture

'n Versameling van Hebreeuse en Christelike geskrifte wat goddelike openbarings bevat. Die woord *bybel* beteken "die boeke." Die Bybel is die werk van baie profete en geïnspireerde skrywers wat opgetree het onder die invloed van die Heilige Gees (2 Petr. 1:21).

Die Christelike Bybel het twee afdelings, algemeen bekend as die Ou en Nuwe Testamente. Die Ou Testament bestaan uit die boeke van skrifture wat gebruik is deur die Jode van Palestina gedurende die Here se aardse bediening. Die Nuwe Testament bevat geskrifte wat behoort tot die Apostoliese tydperk en word beskou dat dit dieselfde heiligheid en gesag het as die Joodse skrifture. Die boeke van die Ou Testament is deel van 'n nasionale literatuur wat strek oor baie eeue en feitlik geheel en al in Hebreeus geskryf is, terwyl die boeke van die Nuwe Testament die werk is van 'n enkele geslag en is hoofsaaklik in Grieks geskryf.

In die Ou Testament verteenwoordig die woord *testament* 'n Hebreeuse woord wat "verbond" beteken. Die Ou Verbond is die wet wat aan Moses gegee is toe Israel die volheid van die evangelie verwerp het wat deur God aan sy volk gegee is vanaf die begin van sterflikheid. Die Nuwe Verbond is die evangelie soos geleer deur Jesus Christus.

In die Hebreeuse Bybel (die Ou Testament) is die boeke verdeel in drie groepe: die Wet, die Profete, en die Geskrifte. Die Bybel wat gebruik word deur die Christelike wêreld rangskik die boeke volgens die onderwerp, soos die historiese, digterlike, en profetiese boeke.

Die boeke van die Nuwe Testament is oor die algemeen in hierdie volgorde: die vier Evangelies en Handelinge; die sendbriewe van Paulus; die algemene sendbriewe van Jakobus, Petrus, Johannes, en Judas; en die Openbaring van Johannes.

Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae eerbiedig en respekteer die Bybel en bevestig ook dat die Here voortgaan om bykomende openbaring te gee deur sy profete in die laaste dae wat die Bybelse kroniek van God se handelinge met die mensdom ondersteun en staaf.

Die stok van Juda (die Bybel) en die stok van Josef (die Boek van Mormon) sal een word in die Here se hand, **Eség.** 37:15–20.

Die Bybel se waarheid sal bevestig word deur skrifture van die laaste dae, **1 Ne.** 13:38–40. Die Bybel sal by die Boek van Mormon gevoeg word om valse leerstellings te weerlê, **2 Ne.** 3:12. 'n Bybel! 'n Bybel! Ons het 'n Bybel, **2 Ne.** 29:3–10. Almal wat die Bybel glo sal ook die Boek van Mormon glo, **Morm.** 7:8–10.

Ouderlinge sal die beginsels van my evangelie onderrig, wat in die Bybel en die Boek van Mormon is, **L&V** 42:12.

Ons glo dat die Bybel die woord van God is in soverre dit juis vertaal is, **Gel. Art.** 1:8.

**Bybel, Joseph Smith Vertaling (JSV).** *Sien* Joseph Smith Vertaling (JSV)

**Carthage-gevangenis (VSA).** *Sien ook* Smith, Hyrum; Smith, Joseph, Jr.

Joseph en Hyrum Smith is vermoor deur ′n bende op 27 Junie 1844, in die gevangenis in Carthage, Illinois, Verenigde State van Amerika (L&V 135).

**Christene.** *Sien ook* Dissipel; Heilige

′n Naam gegee aan gelowiges in Jesus Christus. Alhoewel hierdie term algemeen gebruik word dwarsdeur die wêreld, het die Here ware gelowiges van Christus aangedui as Heiliges (Hand. 9:13, 32, 41; 1 Kor. 1:2; L&V 115:4).

Die dissipels is Christene genoem, **Hand.** 11:26. Wanneer iemand as ′n Christen ly, moet hy hom nie skaam nie, **1 Petr.** 4:16.

Vanweë die verbond, sal julle die kinders van Christus genoem word, **Mosia** 5:7. Ware gelowiges is Christene genoem deur diegene wat nie lede van die Kerk was nie, **Alma** 46:13–16.

**Christus.** *Sien* Jesus Christus

**Corianton.** *Sien ook* Alma, Seun van Alma

In die Boek van Mormon, ′n seun van Alma, die seun van Alma.

Het gegaan na die Zoramiete, **Alma** 31:7. Het die bediening verlaat om agter ′n hoer aan te gaan, **Alma** 39:3. Alma het hom onderrig oor die toestand van die bestaan na die dood, opstanding, en versoening, **Alma** 39–42. Is geroep om weer te preek, **Alma** 42:31. Het na die land noordwaarts gegaan in ′n skip, **Alma** 63:10.

**Coriantumr.** *Sien ook* Jerediete

In die Boek van Mormon, ′n koning van die Jerediete en die laaste oorlewende van die Jereditiese volk.

Is ontdek deur die volk van Zarahemla, **Omni** 1:21. Was koning oor die hele land, **Ether** 12:1–2. Is gevange geneem deur Sared en bevry deur sy seuns, **Ether** 13:23–24. Het baie vyande beveg, **Ether** 13:28–14:31. Het bekeer, **Ether** 15:3. Het sy finale stryd gevoer teen Siz, **Ether** 15:15–32.

**Cornelius.** *Sien ook* Hoofman; Nie-Jode; Petrus

′n Hoofman in Cesaréa gedoop deur Petrus (Hand. 10). Hy was waarskynlik die eerste nie-Jood om by die Kerk aan te sluit sonder om eers bekeer te word tot Judaïsme. Die doop van Cornelius en sy gesin het die weg gebaan vir die verkondiging van die evangelie aan die nie-Jode. Petrus, die hoofapostel, wat die sleutels van die koninkryk van God op die aarde gehou het gedurende daardie tyd, het hierdie prediking gerig.

**Cowdery, Oliver**

Die tweede ouderling van die herstelde Kerk en een van die Drie Getuies tot die goddellike oorsprong en waaragtigheid van die Boek van Mormon. Hy het as skrywer opgetree terwyl Joseph Smith die Boek van Mormon vertaal het vanaf die goue plate (JS—G 1:66–68).

Het ′n getuienis van die waarheid van die vertaling van die Boek van Mormon ontvang, **L&V** 6:17, 22–24. Is deur Johannes die Doper geordineer, **L&V** 13 (L&V 27:8; JS—G 1:68–73, sien nota by vers 71). Nadat julle geloof verkry het, en hulle met jul oë gesien het, moet julle getuig dat julle hulle gesien het, **L&V** 17:3, 5. Ek het aan jou geopenbaar, deur my Gees, dat die dinge wat jy geskryf het, waar is, **L&V** 18:2. Was aangestel en geordineer as een van die rentmeesters oor die openbarings, **L&V** 70:3. Het die sleutels van die priesterskap saam met Joseph Smith ontvang, **L&V** 110.

**Cumora-heuwel, Die.** *Sien ook* Boek van Mormon; Moroni, Seun van Mormon; Smith, Joseph, Jr.

'n Klein heuwel geleë in die weste van die staat van New York, Verenigde State van Amerika. Hier het 'n profeet van die voortyd, genoem Moroni, die goue plate weggebêre wat sommige van die kronieke bevat het van die Nefitiese en Jereditiese nasies. Joseph Smith is na hierdie heuwel gelei in 1827 deur die herrese Moroni, om hierdie plate te kry en 'n gedeelte daarvan te vertaal. Hierdie vertaling is die Boek van Mormon.

Die Nefiete het bymekaar gekom by Cumora, **Morm.** 6:2–4. Cumora was in 'n land van baie waters, **Morm.** 6:4. Mormon het die kronieke in die Cumora-heuwel weggebêre, **Morm.** 6:6. Almal behalwe vier en twintig Nefiete is gedood by Cumora, **Morm.** 6:11.

Ons hoor blye tydings van Cumora, **L&V** 128:20.

Joseph Smith het plate geneem van die Cumora-heuwel, **JS—G** 1:42, 50–54, 59.

**Dag van die Here.** *Sien* Oordeel, Die Laaste; Sabbatdag; Tweede Koms van Jesus Christus

**Damaskus**

'n Voortydse stad van Aram.

Damaskus is geleë op 'n vrugbare vlakte aan die rand van die woestyn en word goed van water voorsien deur die Barada rivier. Dit word dikwels in die skrifture genoem (die eerste keer in Gén. 14:15). Paulus was op weg na Damaskus toe die herrese Here aan hom verskyn het (Hand. 9:1–27; 22:5–16; 26:12–20).

**Dan.** *Sien ook* Israel; Jakob, Seun van Isak

In die Ou Testament, 'n seun van Jakob en Bilha, Ragel se slavin (Gén. 30:5–6).

*Die stam van Dan:* Sien Génesis 49:16–18 vir Jakob se seën oor Dan. Sien Deuteronómium 33:22 vir Moses se seën oor die stam van Dan. Nadat hulle hul in Kanaän gevestig het, het die stam van Dan 'n klein maar uitermate vrugbare stuk land ontvang (Jos. 19:40–48). Hulle kon dit slegs met groot moeite beskerm teen die Amoriete (Rigt. 1:34) en teen die Filistyne (Rigt. 13:2, 25; 18:1), met die gevolg dat die Daniete noord van Palestina verskuif het (Rigt. 18), rondom Lais en het daardie stad hernoem na Dan. Hierdie stad is welbekend as die noordelike grens van Palestina, wat gestrek het "van Dan tot Berseba."

**Daniël**

Die hoofkarakter van die boek van Daniël in die Ou Testament; 'n profeet van God en 'n man van groot geloof.

Niks is bekend oor sy ouers nie, hoewel dit blyk dat hy van koninklike afkoms was (Dan. 1:3). Hy is gevange geneem na Babilon, waar hy die naam Béltsasar ontvang het (Dan. 1:6–7). Daniël en drie ander gevangenes het die koning se voedsel geweier om godsdienstige redes (Dan. 1:8–16).

Daniël het die guns van Nebukadnésar en Daríus gewen deur sy vermoë om drome uit te lê (Dan. 2; 4; 6). Hy het ook die handskrif op die muur gelees en uitgelê (Dan. 5). Sy vyande het teen hom saamgesweer, en hy is in 'n leeukuil gegooi, maar die Here het sy lewe gespaar (Dan. 6).

*Die boek van Daniël:* Die boek het twee afdelings: Hoofstukke 1–6 is verhale oor Daniël en sy drie metgeselle; hoofstukke 7–12 is profetiese visioene wat Daniël gesien het. Die boek leer die belangrikheid om getrou aan God te wees en verduidelik dat die Here die gelowiges seën.

'n Hoofbydrae van die boek is die uitlegging van Koning Nebukadnésar se droom. In die droom word die

koninkryk van God in die laaste dae voorgestel as ʼn klip wat uit ʼn berg gekap word. Die klip sal voortrol totdat dit die hele aarde vul (Dan. 2; sien ook L&V 65:2).

**Dank, Dankbaar, Danksegging.** *Sien ook* Aanbid; Seën, Geseënd, Seëning

Dankbaarheid vir seëninge wat van God ontvang is. Om dankbaarheid te toon is aangenaam vir God en ware aanbidding sluit in om Hom te dank. Ons moet dank betoon aan die Here vir alle dinge.

Dit is goed om die Here te loof, **Ps.** 92:1. Laat ons sy aangesig tegemoetgaan met lof, **Ps.** 95:1–2. Loof Hom en prys sy Naam, **Ps.** 100.

Moenie ophou om Hom te dank nie, **Efés.** 1:15–16. Wees julle dankbaar, **Kol.** 3:15. Lof en die heerlikheid en die danksegging en die eer aan onse God, **Openb.** 7:12.

O hoe behoort julle nie julle hemelse Koning te bedank nie, **Mosia** 2:19–21. Leef daagliks in danksegging, **Alma** 34:38. As jy in die môre opstaan, laat jou hart vol dankbaarheid wees jeens God, **Alma** 37:37.

Julle moet alle dinge doen met gebed en danksegging, **L&V** 46:7. Julle moet God dank, **L&V** 46:32. Doen hierdie dinge met danksegging, **L&V** 59:15–21. Ontvang hierdie seëning uit die hand van die Here met ʼn dankbare hart, **L&V** 62:7. Hy wat alle dinge met dankbaarheid ontvang, sal verheerlik word, **L&V** 78:19. Betoon dank in alle dinge, **L&V** 98:1 (1 Thes. 5:18). Loof die Here met ʼn gebed van lof en danksegging, **L&V** 136:28.

**Dankbaarheid.** *Sien* Dank, Dankbaar, Danksegging

**Daríus.** *Sien ook* Babel, Babilon

In die Ou Testament, koning van die Meders wat in Babilon regeer het na die dood van Bélsasar (Dan. 6:1; 6:9, 25–28; 9:1; 11:1).

**Dawid.** *Sien ook* Bátseba; Psalm

ʼn Koning van voortydse Israel in die Ou Testament.

Dawid was ʼn seun van Isai van die stam van Juda. Hy was ʼn dapper jong man wat ʼn leeu, ʼn beer en die Filistynse reus Góliat doodgemaak het (1 Sam. 17). Dawid is gekies en gesalf om koning van Israel te wees. Net soos Saul was hy in sy volwasse lewe skuldig aan ernstige misdade, maar anders as Saul, was hy in staat tot opregte berou. Hy was daarom in staat om vergifnis te ontvang, behalwe vir die moord van Uria (L&V 132:39). Sy lewe kan ingedeel word in vier dele: (1) by Betlehem, waar hy ʼn skaapwagter was (1 Sam. 16–17); (2) by die hof van koning Saul (1 Sam. 18:1–19:18); (3) as ʼn vlugteling (1 Sam. 19:18–31:13; 2 Sam. 1); (4) as koning oor Juda by Hebron (2 Sam. 2–4), en later as koning oor die hele Israel (2 Sam. 5–24; 1 Kon. 1:1–2:11).

Dawid se sonde van egbreuk met Bátseba is gevolg deur ʼn aantal ongelukke wat die laaste twintig jaar van sy lewe bederf het. Die volk in geheel was voorspoedig gedurende sy heerskappy, maar Dawid self het gely onder die nagevolge van sy sondes. Daar was aanhoudende gesinsvetes, wat, in die geval van Absalom en Adónia, geëindig het in openlike rebellie. Hierdie insidente is ʼn vervulling van die vloek deur Natan die profeet oor Dawid vanweë sy sonde (2 Sam. 12:7–13).

Ten spyte van hierdie rampspoed was Dawid se heerskappy die briljantste in Israel se geskiedenis want (1) hy het die stamme tot een nasie verenig, (2) hy het onbetwisbare besit van die land verseker, (3) hy het die regering gebaseer op die ware geloof sodat die wil van God die wet van Israel was. Om hierdie redes is Dawid se heerskappy later beskou as die nasie se goue eeu en is ʼn

sinnebeeld van die glorieryker eeu wanneer die Messias sou kom (Jes. 16:5; Jer. 23:5; Eség. 37:24–28).

Dawid se lewe illustreer die noodsaaklikheid vir alle mense om in regverdigheid te volhard tot die einde toe. As ′n jong man is daar gesê dat hy ′n man was na die Here se hart (1 Sam. 13:14); as ′n man het hy deur die Gees gespreek en het baie openbaringe gehad. Maar hy het ′n swaar prys betaal vir sy ongehoorsaamheid aan die gebooie van God (L&V 132:39).

**Debora**

In die Ou Testament, ′n profetes wat Israel gerig het en vir Barak aangemoedig het teen die Kanaäniete (Rigt. 4). Die lied van Debora en Barak het Israel se verlossing van knegskap geprys (Rigt. 5).

**Delíla.** *Sien ook* Filistyne

′n Filistynse vrou in die Ou Testament wat Simson verlei en verraai het (Rigt. 16).

**Deseret.** *Sien ook* Jerediete

In die Boek van Mormon, ′n Jereditiese woord wat beteken "heuningby" (Ether 2:3).

**Deugsaamheid.** *Sien ook* Integriteit; Krag

Integriteit en morele voortreflikheid, mag en krag (Lk. 8:46).

Jy is ′n deugsame vrou, **Rut** 3:11. Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, sal staan in my heilige plek, **Ps.** 24:3–4. ′n Deugsame vrou is die kroon van haar man, **Spr.** 12:4. ′n Deugsame vrou se waarde is ver bo korale, **Spr.** 31:10–31.

Voeg by julle geloof die deug, **2 Petr.** 1:5 (L&V 4:6).

Laat deugsaamheid jou gedagtes voortdurend versier, **L&V** 121:45.

Ons glo dat ons deugsaam moet wees, **Gel. Art.** 1:13 (Filip. 4:8).

**Deuteronómium.** *Sien ook* Pentateug

Die vyfde boek van die Ou Testament.

Deuteronómium bevat die drie laaste redevoerings wat Moses gelewer het op die vlaktes van Moab net voordat hy getransformeer is. Die eerste redevoering (hoofstuk 1–4) is inleidend. Die tweede redevoering (hoofstuk 5–26) bestaan uit twee dele: (1) hoofstuk 5–11—Die Tien Gebooie en ′n praktiese verduideliking daarvan; en (2) hoofstuk 12–26—′n kode van wette, wat die kern van die hele boek vorm. Die derde redevoering (hoofstuk 27–30) bevat ′n plegtige hernuwing van die verbond tussen Israel en God en ′n aankondiging van die seëninge wat op gehoorsaamheid volg asook die vervloekinge wat op ongehoorsaamheid volg. Hoofstuk 31–34 beskryf die oorhandiging van die wet aan die Leviete, Moses se lied en laaste seën, en die heengaan van Moses.

**Diaken.** *Sien ook* Aäroniese Priesterskap

′n Roeping in Kerklike bediening ten tye van die Apostel Paulus (Filip. 1:1; 1 Tim. 3:8–13) en ′n amp in die Aäroniese Priesterskap (L&V 20:38, 57–59; 84:30, 111; 107:85).

**Die Here se Dag.** *Sien* Sabbatdag

**Dien.** *Sien ook* Diens; Priesterskap

Om die werk van die Here op die aarde te doen. God se gekose diensknegte moet deur God geroepe wees ten einde in sy werk te dien. Wanneer ware diensknegte die Here se wil doen, verteenwoordig hulle die Here in hulle amptelike pligte en tree op as sy gevolmagtigdes (L&V 64:29), en verrig sodoende die werk wat nodig is vir die heil van die mensdom. Die Here het apostels, profete, evangeliste, hoëpriesters, sewentigs, ouderlinge, biskoppe, priesters, leraars, diakens, helpers en regerings gegee vir die vervolmaking

van die Heiliges, vir die werk van die bediening (1 Kor. 12:12–28; Efés. 4:11–16; L&V 20; 107).

Die Here het hom uitgekies om in die Naam van die Here te dien, **Deut.** 18:5. Die mense sal julle dienaars van onse God noem, **Jes.** 61:6.

Die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien, **Matt.** 20:26–28. Ek het aan jou verskyn om jou te bestem tot ′n dienaar en getuie, **Hand.** 26:16–18. God is nie onregverdig om julle werk en die liefdearbeid te vergeet nie, omdat julle die Heiliges gedien het, **Hebr.** 6:10. As iemand dien, laat dit wees soos uit die krag van God verleen, **1 Petr.** 4:10–11.

Hulle het geleer, en het mekaar gedien, **3 Ne.** 26:19.

Dit is die plig van die Twaalf om evangeliese dienaars te ordineer, **L&V** 107:39–40. ′n Hoëpriester mag afgesonder word vir die bediening van stoflike dinge, **L&V** 107:71–72. Hierdie sewentigs moet reisende dienaars wees, **L&V** 107:93–97. Ouderlinge word geordineer om gevestigde leraars in my Kerk te wees, **L&V** 124:137.

**Dienende Engele.** *Sien* Engele

**Diens.** *Sien ook* Liefde; Welsyn

Sorg wat gegee of werk wat gedoen word tot God en andere se voordeel. Soos ons ander dien, dien ons ook vir God.

Kies dan vir julle vandag wie julle wil dien, **Jos.** 24:15.

Vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen, **Matt.** 25:35–45. Stel julle liggame as ′n lewende offer—dit is julle redelike godsdiens, **Rom.** 12:1. Dien mekaar deur die liefde, **Gal.** 5:13.

Jou dae sal deurgebring word in die diens van jou God, **2 Ne.** 2:3. Wanneer julle in die diens van julle medemens is, is julle waarlik in die diens van julle God, **Mosia** 2:17. Diegene wat die beloofde land besit moet God dien of weggevee word, **Ether** 2:8–12.

Diegene wat in die diens van God tree, moet met hulle hele hart dien, **L&V** 4:2. Die Here het gebooie gegee dat die mensdom Hom moet liefhê en dien, **L&V** 20:18–19. In die naam van Jesus Christus moet jy God dien, **L&V** 59:5. Ek, die Here, skep behae om diegene te eer wat My dien, **L&V** 76:5.

Aanbid God want Hom alleen moet jy dien, **Moses** 1:15.

**Dissipel.** *Sien ook* Apostel; Bekeer, Bekering; Christene; Juk

′n Volgeling van Jesus Christus wat leef volgens Christus se leerstellings (L&V 41:5). *Dissipel* word gebruik om die Twaalf Apostels te beskryf wat Christus geroep het gedurende sy sterflike bediening (Matt. 10:1–4). *Dissipel* word ook gebruik om die twaalf mans te beskryf wat Jesus gekies het om sy Kerk te lei onder die Nefiete en Lamaniete (3 Ne. 19:4).

Verseël die wet onder my dissipels, **Jes.** 8:16.

As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels, **Joh.** 8:31.

Mormon was ′n dissipel van Jesus Christus, **3 Ne.** 5:12–13. Julle is my dissipels, **3 Ne.** 15:12. Drie dissipels sal nie die dood smaak nie, **3 Ne.** 28:4–10.

Die stem van waarskuwing sal wees by monde van my dissipels, **L&V** 1:4. My dissipels sal in heilige plekke staan, **L&V** 45:32. Diegene wat nie die armes, die behoeftiges, die siekes en die geteisterdes besoek nie, is nie my dissipels nie, **L&V** 52:40. Wie nie gewillig is om sy lewe neer te lê nie, is nie my dissipel nie, **L&V** 103:27–28.

**Dode, Heil vir die.** *Sien* Heil vir die Dode

**Doen.** *Sien* Gehoorsaam, Gehoorsaamheid

**Dood, Fisiese.** *Sien ook* Heil; Opstanding; Sterflik, Sterflikheid; Val van Adam en Eva

Die skeiding van die liggaam en die gees. Die Val het sterflikheid en die dood na die aarde gebring (2 Ne. 2:22; Moses 6:48). Die Soendood van Jesus Christus het die dood oorwin sodat elkeen opgewek sal word (1 Kor. 15:21–23). Opstanding is 'n vrye gawe aan alle mense ongeag of hulle goed of kwaad gedoen het in hierdie lewe (Alma 11:42–44). Elke persoon ly net een fisiese dood aangesien as ons eenmaal opgestaan het, kan ons liggame nie meer sterf nie (Alma 11:45).

Alle vlees sal vergaan, en die mens sal weer tot stof terugkeer, **Job** 34:15. Kosbaar voor die Here se aangesig is die dood van die Heiliges, **Ps.** 116:15. Die stof sal na die aarde terugkeer, en die gees sal na God terugkeer, **Pred.** 12:7.

Deur die mens het die dood gekom, **1 Kor.** 15:21. Die Saligmaker hou die sleutels van die doderyk en van die dood, **Openb.** 1:18. Daar sal geen dood meer wees nie, nóg droefheid, **Openb.** 21:4.

Die dood het oorgegaan op alle mense, **2 Ne.** 9:6, 11 (Alma 12:24). Hulle het nooit die dood bejeën met enige mate van vrees nie, **Alma** 27:28. Alma het die toestand van die siel beskryf tussen die dood en die opstanding, **Alma** 40:11.

Diegene wat in My sterf, sal die dood nie smaak nie, **L&V** 42:46. Diegene wat nie vir die dood aangewys is nie, sal genees word, **L&V** 42:48. Ek sal julle in alle dinge beproef, selfs tot die dood toe, **L&V** 98:14.

Tot stof sal jy terugkeer, **Moses** 4:25. Adam het geval, en deur sy val het die dood gekom, **Moses** 6:48.

**Dood, Geestelike.** *Sien ook* Duiwel; Heil; Hel; Seuns van die Verderf; Val van Adam en Eva; Verdoemenis

Skeiding van God en sy invloede; om te sterf met betrekking tot dinge wat met regverdigheid te make het. Lucifer en 'n derde deel van die leërskare van die hemel het 'n geestelike dood gely toe hulle uit die hemel gewerp is (L&V 29:36–37).

Geestelike dood is in die wêreld ingebring deur die Val van Adam (Moses 6:48). Sterflike mense met bose gedagtes, woorde en dade is geestelik dood terwyl hulle nog lewe op aarde (1 Tim. 5:6). Deur die Soendood van Jesus Christus en deur gehoorsaamheid aan die beginsels en ordinansies van die evangelie, kan mans en vroue rein word van sonde en die geestelike dood oorwin.

Geestelike dood vind ook plaas na die dood van die sterflike liggaam. Beide herrese wesens en die duiwel en sy engele sal geoordeel word. Diegene wat openlik gerebelleer het teen die lig en waarheid van die evangelie, sal 'n geestelike dood ly. Hierdie dood word dikwels die tweede dood genoem (Alma 12:16; Hel. 14:16–19; L&V 76:36–38).

Kwaaddoeners sal uitgeroei word, **Ps.** 37:9.

Wat die vlees bedink, is die dood, **Rom.** 8:6 (2 Ne. 9:39). Begeerlikhede laat mense wegsink in verderf en ondergang, **1 Tim.** 6:9. Sonde bring die dood voort, **Jak.** 1:15. Hy wat oorwin sal deur die tweede dood geen skade ly nie, **Openb.** 2:11. Oor hulle het die tweede dood geen mag nie, **Openb.** 20:6, 12–14. Die ongelowiges se deel is in die poel wat brand met vuur en swael: dit is die tweede dood, **Openb.** 21:8 (L&V 63:17–18).

Die mens is vry om vryheid en die ewige lewe te kies of om slawerny en die dood te kies, **2 Ne.** 2:27 (2 Ne. 10:23; Alma 29:5; Hel. 14:30–31). God het vir ons 'n weg berei om te ontkom van die dood en die hel, **2 Ne.** 9:10. Maak julleself los van die pyniginge van die hel dat julle nie die tweede dood mag ly nie, **Jakob** 3:11. Die natuurlike mens is

'n vyand van God, **Mosia** 3:19. Mag die Here aan julle bekering skenk, dat julle nie die tweede dood mag ly nie, **Alma** 13:30. Alma was omring deur die ewigdurende kettings van die dood, **Alma** 36:18. Die bose sterwe ten opsigte van dinge wat betrekking het op regverdigheid, **Alma** 40:26 (Alma 12:16). Die val het oor die hele mensdom 'n geestelike dood gebring, **Alma** 42:9 (Hel. 14:16–18).

Toe Adam geval het, het hy geestelik doodgegaan, **L&V** 29:40–41, 44.

**Dood, Tweede.** *Sien* Dood, Geestelike

**Doodmaak.** *Sien* Doodstraf; Moord

**Doodstraf.** *Sien ook* Moord

Straf deur die dood vir 'n misdaad gepleeg, veral met betrekking tot straf vir moord.

Wie ook al 'n mens se bloed vergiet, deur die mens sal sy bloed vergiet word, **Gén.** 9:6 (JSV, Gén. 9:12–13). Die moordenaar moet sekerlik gedood word, **Núm.** 35:16.

Moordenaars wat opsetlik doodmaak, sal sterf, **2 Ne.** 9:35. Jy word veroordeel om te sterwe volgens die wet, **Alma** 1:13–14. Hy wat moord gepleeg het is gestraf met die dood, **Alma** 1:18. Die wet vereis die lewe van hom wat moord gepleeg het, **Alma** 34:12.

Hy wat doodslaan moet sterwe, **L&V** 42:19.

**Dooie See**

Die sout see aan die suidelike punt van die Jordaanvallei. Dit was ook bekend as die Soutsee. Die oppervlakte daarvan is ongeveer 395 meter onder die Middellandse See. Die stede van Sodom, Gomorra en Soar of Bela was naby die kus van dié see (Gén. 14:2–3).

Ter vervulling van profesie en as een van die tekens van die Tweede Koms van die Saligmaker, sal die waters van die Dooie See genees word, en lewe sal daar floreer (Eség. 47:8–9).

**Doop.** *Sien ook* Doop van Jong Kinders; Heilige Gees; Ordinansies; Wedergebore, Gebore uit God

Die woord wat in die oorspronklike Griekse teks gebruik is, beteken om te "dompel" of te "onderdompel". Doop deur onderdompeling in water deur een wat gesag het is die inleidende ordinansie van die evangelie en is noodsaaklik om 'n lid te word van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae. Dit word voorafgegaan deur geloof in Jesus Christus en deur bekering. Dit moet gevolg word deur die gawe van die Heilige Gees te ontvang ten einde volledig te wees (2 Ne. 31:13–14). Doop deur water en die Gees is noodsaaklik voordat 'n persoon die selestiale koninkryk kan binnegaan. Adam was die eerste om gedoop te word (Moses 6:64–65). Jesus is ook gedoop om alle regverdigheid te vervul en om die weg te wys vir die hele mensdom (Matt. 3:13–17; 2 Ne. 31:5–12).

Omdat almal op die aarde nie die geleentheid het om die evangelie te aanvaar gedurende hul aardse lewe nie, het die Here dope gemagtig, uitgevoer deur in te staan vir die dode. Daarom, diegene wat die evangelie aanvaar in die geesteswêreld, mag kwalifiseer vir toegang tot God se koninkryk.

*Noodsaaklik:* Laat dit nou toe want so pas dit ons regverdigheid, **Matt.** 3:15. Jesus het gekom en is gedoop deur Johannes, **Mark.** 1:9. Die Fariseërs en wetsgeleerdes het die raad van God verwerp, deur nie gedoop te wees nie, **Lk.** 7:30. Tensy 'n mens gebore word uit water en uit die Gees, kan hy nie die koninkryk van God ingaan nie, **Joh.** 3:5. Bekeer, en word gedoop elkeen van julle, **Hand.** 2:38.

Hy beveel alle mense dat hulle gedoop moet word in sy Naam, **2 Ne.** 9:23–24. Mense moet Christus volg,

gedoop word, die Heilige Gees ontvang, en volhard tot die einde om gered te word, **2 Ne.** 31. Christus se leer is dat mense moet glo en gedoop word, **3 Ne.** 11:20–40.

Hulle wat nie glo in jou woorde en nie gedoop word in water in my Naam nie, sal verdoem word, **L&V** 84:74.

God het aan Adam verduidelik waarom bekering en doop noodsaaklik is, **Moses** 6:52–60.

*Doop deur onderdompeling:* Jesus, nadat hy gedoop was, het dadelik uit die water opgeklim, **Matt.** 3:16 (Mark. 1:10). Johannes het in Enon gedoop omdat daar baie water was, **Joh.** 3:23. Filippus en die hofdienaar het afgegaan in die water, **Hand.** 8:38. Ons word begrawe met Hom deur die doop, **Rom.** 6:4 (Kol. 2:12).

Volg jou Here en jou Saligmaker af tot in die water, **2 Ne.** 31:13. Alma, Helam, en andere was begrawe in die water, **Mosia** 18:12–16. En dan sal hulle hul onderdompel in die water, **3 Ne.** 11:25–26.

Die korrekte wyse van doop word verduidelik, **L&V** 20:72–74. Hulle is gedoop na die wyse van sy begrafnis, deur begrawe te word in die water in sy Naam, **L&V** 76:50–51.

Adam is onder die water gelê en is uit die water opgeneem, **Moses** 6:64. Doop is deur onderdompeling vir die vergifnis van sondes, **Gel. Art.** 1:4.

*Doop vir die vergifnis van sondes:* Staan op, en laat jou doop en jou sondes afwas, **Hand.** 22:16.

Na die doop kom ʼn vergifnis van jou sondes deur vuur en deur die Heilige Gees, **2 Ne.** 31:17. Kom en word gedoop tot bekering sodat julle van julle sondes gewas kan word, **Alma** 7:14. Geseënd is hulle wat sal glo en gedoop word, want hulle sal ʼn vergifnis ontvang van hulle sondes, **3 Ne.** 12:1–2.

Verkondig bekering en geloof in die Saligmaker en vergifnis van sondes deur doop, **L&V** 19:31.

Ons glo in doop deur onderdompeling vir die vergifnis van sondes, **Gel. Art.** 1:4.

*Behoorlike gesag:* Gaan dan heen en leer alle nasies, en doop hulle in die naam van die Vader, Seun, en Heilige Gees, **Matt.** 28:19 (L&V 68:8).

Limhi en baie van sy volk was begerig om gedoop te word, maar daar was niemand in die land wat gesag van God gehad het nie, **Mosia** 21:33. Ek gee aan julle mag dat julle sal doop, **3 Ne.** 11:19–21.

Die Aäroniese Priesterskap het die sleutels van doop deur onderdompeling vir die vergifnis van sondes, **L&V** 13. Dit is hulle wat geordineer is deur My om te doop in my Naam, **L&V** 18:29.

Johannes die Doper het aan Joseph Smith en Oliver Cowdery die gesag gegee om te doop, **JS—G** 1:68–69.

*Vereistes vir die doop:* Bekeer julle, en word gedoop in die Naam van my geliefde Seun, **2 Ne.** 31:11. Julle moet bekeer en weer gebore word, **Alma** 7:14. Sorg dat julle nie onwaardig gedoop word nie, **Morm.** 9:29. Leer ouers dat hulle moet bekeer en gedoop word en hulleself verootmoedig, **Moro.** 8:10.

Vereistes vir diegene wat die doop verlang, word uiteengesit, **L&V** 20:37. Kinders sal gedoop word vir die vergifnis van hulle sondes wanneer agt jaar oud, **L&V** 68:25, 27.

*Verbond gesluit deur die doop:* Julle het ʼn verbond gesluit met Hom dat julle Hom sal dien en sy gebooie onderhou, **Mosia** 18:8–10, 13.

Diegene wat bekeer en die naam van Christus aanneem en onderneem om Hom te dien, sal aangeneem word deur die doop, **L&V** 20:37.

*Doop vir die dode:* Wat sal hulle doen wat hulle vir die dode laat doop, **1 Kor.** 15:29.

Doop vir die dode word uitgevoer vir die vergifnis van sondes, **L&V** 124:29; 127:5–9; 128:1; 138:33.

*Doop nie vir klein kindertjies nie:* Dit

is ʹn ernstige bespotting voor God dat julle klein kindertjies sou doop, **Moro.** 8:4–23.

Kinders sal gedoop word wanneer agt jaar oud, **L&V** 68:27. Alle kinders wat sterf voor die jare van toerekenbaarheid word gered in die selestiale koninkryk, **L&V** 137:10.

**Doop van Jong Kinders.** *Sien ook* Doop—Doop nie vir klein kindertjies nie; Heil—Heil van kinders; Kind, Kinders; Toerekenbaar, Toerekenbaarheid

Die onnodige gebruik om babas en kinders te doop wat onder die ouderdom van toerekenbaarheid is, naamlik agt jaar. Die Here veroordeel kinderdoop (Moro. 8:10–21). Kinders word onskuldig en sonder sonde gebore. Satan het geen mag om kinders te versoek nie totdat hulle toerekenbaar begin word (L&V 29:46–47), dus het hulle nie nodig om te bekeer of gedoop te word nie. Kinders moet op die ouderdom van agt gedoop word (L&V 68:25–27).

**Doper.** *Sien* Johannes die Doper

**Drie Nefitiese Dissipels.** *Sien ook* Dissipel; Getransfigureerde Wesens; Nefiete

Drie van Christus se uitverkore dissipels waarna verwys word in die Boek van Mormon.

Die Here het aan hierdie dissipels dieselfde seëninge gegun as wat Hy aan Johannes die Geliefde gegee het—dat hulle op die aarde mag bly om siele na Christus te bring totdat die Here weer kom. Hulle is getransfigureer sodat hulle geen pyn sou voel en nie sou sterf nie (3 Ne. 28).

Christus het aan die drie dissipels hulle begeerte gegee om te vertoef tot sy koms, **3 Ne.** 28:1–9. Hulle sal nooit die pyn van die dood of verdriet ly nie, **3 Ne.** 28:7–9. Hulle sal ʹn volheid van vreugde hê, **3 Ne.** 28:10. Hulle was tydelik opgeneem in die hemel, **3 Ne.** 28:13–17. Hulle het die mense gedien en het vervolging verduur, **3 Ne.** 28:18–23. Hulle het Mormon gedien, **3 Ne.** 28:24–26 (Morm. 8:10–11). Hulle sal die nie-Jode, Jode, verstrooide stamme en alle nasies dien, **3 Ne.** 28:27–29. Satan het geen mag oor hulle nie, **3 Ne.** 28:39.

**Drink, Dronk.** *Sien* Woord van Wysheid

**Droom.** *Sien ook* Openbaring

Een manier waardeur God sy wil openbaar aan mans en vroue op aarde. Nie alle drome is egter openbaringe nie. Geïnspireerde drome is die vrug van geloof.

Hy het gedroom—daar is ʹn leer op die aarde opgerig waarvan die spits tot aan die hemel reik, **Gén.** 28:12. Josef het ʹn droom gehad, **Gén.** 37:5. Deur ʹn droom sal Ek met hom spreek, **Núm.** 12:6. Nebukadnésar het ʹn droom gehad, **Dan.** 2:1–3. Ou mense sal drome droom, **Joël** 2:28 (Hand. 2:17).

Die engel van die Here het aan hom in ʹn droom verskyn, **Matt.** 1:20 (Matt. 2:19).

Lehi het baie dinge geskryf wat hy in drome gesien het, **1 Ne.** 1:16. Lehi het ʹn droom gedroom, **1 Ne.** 8.

**Duif, Teken van die.** *Sien ook* Heilige Gees

ʹn Voorafgereëlde teken waardeur Johannes die Doper die Messias sou herken (Joh. 1:32–34). Joseph Smith het geleer dat die teken van die duif deur God ingestel is voor die skepping van die wêreld as ʹn getuienis van die Heilige Gees; daarom kan die duiwel nie verskyn in die teken van die duif nie.

Die Gees van God het neergedaal soos ʹn duif, **Matt.** 3:16.

Nadat Jesus gedoop is, het die Heilige Gees neergedaal in die vorm van ʹn duif, **1 Ne.** 11:27.

Ek, Johannes, getuig, en sien, die hemele is geopen, en die Heilige Gees het op Hom neergedaal in die vorm van ′n duif, **L&V** 93:15.

**Duisternis, Buitenste.** *Sien* Dood, Geestelike; Duiwel; Hel; Seuns van die Verderf

**Duisternis, Geestelike.** *Sien ook* Boos, Boosheid

Goddeloosheid of onkunde oor geestelike dinge.

Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, **Jes.** 5:20 (2 Ne. 15:20). Duisternis sal die aarde oortrek, en donkerheid die wolke, **Jes.** 60:2.

Jesus sal lig gee aan diegene wat in die duisternis sit, **Lk.** 1:79. Die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie begryp nie, **Joh.** 1:5 (L&V 45:7). Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord, **Rom.** 13:12. Hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, **Efés.** 5:8–11.

Omdat julle nie vra nie word julle nie tot die lig gebring nie, maar moet omkom in die duisternis, **2 Ne.** 32:4. Satan versprei die werke van die duisternis, **Hel.** 6:28–31.

Die magte van die duisternis heers op die aarde, **L&V** 38:8, 11–12. Die hele wêreld kreun onder die duisternis en sonde, **L&V** 84:49–54. As julle oog alleenlik op my heerlikheid gerig is, sal daar geen duisternis in julle wees nie, **L&V** 88:67.

Die werke van die duisternis het begin heers onder al die seuns van die mense, **Moses** 5:55.

**Duiwel.** *Sien ook* Antichris; Gees—Bose geeste; Hel; Lucifer; Seuns van die Verderf; Vernietiger

Satan. Die duiwel is die vyand van regverdigheid en van diegene wat poog om die wil van God te doen. Hy is letterlik ′n geestesseun van God en was eens ′n engel met gesag in die teenwoordigheid van God (Jes. 14:12; 2 Ne. 2:17). Nietemin, hy het gerebelleer in die vooraardse lewe en het ′n derde gedeelte van die geesteskinders van die Vader oorreed om saam met hom te rebelleer (L&V 29:36; Moses 4:1–4; Abr. 3:27–28). Hulle is uit die hemel gewerp, is die geleentheid ontsê om sterflike liggame te ontvang en om die sterflike lewe te ervaar, en sal ewiglik verdoem wees. Vanaf die tyd wat die duiwel uit die hemel gewerp is, het hy aanhoudend gepoog om alle mans en vroue te verlei en om hulle weg te lei van die werk van God ten einde die hele mensdom so ellendig te maak soos hy is (Openb. 12:9; 2 Ne. 2:27; 9:8–9).

Jesus het die duiwel bestraf, **Matt.** 17:18. Ewige vuur is berei vir die duiwel en sy engele, **Matt.** 25:41. Weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug, **Jak.** 4:7.

Die bose sal afgebring word na die slawerny van die duiwel, **1 Ne.** 14:7. Die duiwel is die vader van alle leuens, **2 Ne.** 2:18 (Moses 4:4). Die duiwel soek dat alle mense ellendig moet wees soos hyself, **2 Ne.** 2:27. As ons vlees nie meer sou opstaan nie, moet ons geeste onderworpe word aan die duiwel, **2 Ne.** 9:8–9. Die duiwel sal woed, sus en vlei, **2 Ne.** 28:20–23. Dit wat boos is kom van die duiwel, **Omni** 1:25 (Alma 5:40; Moro. 7:12, 17). Pas op dat daar geen twiste onder julle ontstaan nie, en julle gehoorsaam die bose gees, **Mosia** 2:32. As julle nie die skape van die goeie herder is nie, is die duiwel julle herder, **Alma** 5:38–39. Die duiwel sal nie sy kinders steun nie, **Alma** 30:60. Bid gedurig dat julle nie mag weggelei word deur die versoekinge van die duiwel nie, **Alma** 34:39 (3 Ne. 18:15, 18). Bou julle fondament op die Verlosser sodat die duiwel se magtige storm geen mag oor julle sal hê nie, **Hel.** 5:12. Die duiwel is die oorsprong van alle sonde, **Hel.** 6:26–31.

Die duiwel het gesoek om 'n sluwe plan te maak, **L&V** 10:12. Dit moet so wees dat die duiwel die kinders van mense versoek, anders kon hulle nie handelingsmag hê nie, **L&V** 29:39. Adam het onderworpe geword aan die wil van die duiwel omdat hy toegegee het aan versoeking, **L&V** 29:40. Die seuns van die verderf sal met die duiwel en sy engele in ewigheid ly, **L&V** 76:32–33, 44. Die duiwel sal gebind word vir 'n duisend jaar, **L&V** 88:110 (Openb. 20:2). Die goddelose een neem lig en waarheid weg, **L&V** 93:39.

Satan het nie sy eerste staat behou nie, **Abr.** 3:28.

*Die kerk van die duiwel:* Elke bose en wêreldse organisasie op aarde wat die suiwere en volmaakte evangelie verdraai en teen die Lam van God veg.

Die duiwel het die groot en gruwelike kerk gestig, **1 Ne.** 13:6 (1 Ne. 14:9). Daar is net twee kerke, een van die Lam van God en een van die duiwel, **1 Ne.** 14:10 (Alma 5:39).

Stry teen geen kerk nie, behalwe as dit die kerk van die duiwel is, **L&V** 18:20. Die groot en gruwelike kerk sal neergewerp word, **L&V** 29:21.

**Dwing.** *Sien ook* Heilige Gees

Om streng aangemoedig te word om iets te doen of nie te doen nie, veral deur die invloed en mag van die Heilige Gees.

Die gees in my binneste dwing my, **Job** 32:18.

Die liefde van Christus dwing ons, **2 Kor.** 5:14.

Ek was gedwing deur die Gees dat ek Laban moes doodmaak, **1 Ne.** 4:10. Die gees dwing my, **Alma** 14:11. Ek is gedwing volgens die verbond, **Alma** 60:34. Ammaron, wat deur die Heilige Gees gedwing is, het die kronieke weggebêre, **4 Ne.** 1:48.

Dit wat van bo kom moet gedwing word deur die Gees, **L&V** 63:64.

**Eden.** *Sien ook* Adam; Eva

Die tuiste van ons eerste ouers, Adam en Eva (Gén. 2:8–3:24; 4:16; 2 Ne. 2:19–25; Moses 3–4; Abr. 5), aangewys as 'n tuin, oos van Eden. Adam en Eva is uit Eden weggestuur nadat hulle van die verbode vrug geëet het en sterflik geword het (Moses 4:29). Openbarings van die laaste dae bevestig die Bybelse verslag van die Tuin van Eden. Dit voeg die belangrike inligting by dat die tuin geleë was op wat nou die Noord-Amerikaanse vasteland is.

**Eed.** *Sien ook* Eed en Verbond van die Priesterskap; Verbond

Soos gebruik in die skrifture, gewoonlik 'n heilige verbond of belofte. Goddelose persone, insluitende Satan en sy engele, sluit egter ook verbonde om hulle bose doelstellings te bereik. In Ou Testamentiese tye was ede aanvaarbaar; Jesus Christus het egter geleer dat mense nie moet sweer in die naam van God of sy skeppinge nie (Matt. 5:33–37).

Ek sal die eed bevestig wat ek vir jou vader Abraham gesweer het, **Gén.** 26:3. As iemand 'n eed sweer waardeur hy homself verbind, moet hy sy woord nie breek nie, **Núm.** 30:2. Hulle het onder eed hulleself verplig om te wandel in die wet van God, **Neh.** 10:29.

Jy moet jou ede aan die Here hou, **Matt.** 5:33 (Pred. 5:4–5; 3 Ne. 12:33). God sweer met 'n eed dat die getroues gered sal word, **Hebr.** 6:13–18.

Toe Zoram 'n eed afgelê het, het ons vrese opgehou, **1 Ne.** 4:37. Die volk van Ammon het 'n eed geneem dat hulle nooit bloed sou vergiet nie, **Alma** 53:11. Die goddelose Nefiete het geheime ede en verbonde gesluit met Satan, **Hel.** 6:21–30.

Mense verkry die ewige lewe deur die eed en verbond van die priesterskap, **L&V** 84:33–42. Alle verbonde, ooreenkomste, verbintenisse, verpligtinge, betrekkinge en ede wat nie

verseël is deur die Heilige Gees van die Belofte nie, eindig wanneer mense sterf, **L&V** 132:7.

**Eed en Verbond van die Priesterskap.** *Sien ook* Eed; Priesterskap; Verbond

'n Eed is 'n geswore belofte om getrou te wees aan 'n mens se beloftes. 'n Verbond is 'n plegtige belofte tussen twee partye. Die Aäroniese Priesterskap word slegs deur 'n verbond ontvang. Melgisédekse Priesterskapdraers ontvang die priesterskap deur 'n ongesproke eed sowel as deur 'n verbond. Namate priesterskapdraers getrou is en hulle roepings verheerlik, soos God dit verlang, seën Hy hulle. Diegene wat getrou is tot die einde toe en alles doen wat Hy van hulle vra, sal alles ontvang wat die Vader het (L&V 84:33–39).

Die Here het 'n verbond met Abraham gesluit, en Abraham was gehoorsaam, **Gén.** 15:18; 17:1; 22:16–18. Priesters het gedurende Eségiël se tyd nie die kudde gevoed nie, **Eség.** 34:2–3. Priesters het gedurende Maleági se tyd die verbond verontreinig, **Mal.** 1–2.

**Een.** *Sien* Eenheid; God, Godheid

**Eenheid.** *Sien ook* God, Godheid

Om een te word in gedagte, begeerte en doel, eers met ons Vader in die Hemel en Jesus Christus, en dan met ander Heiliges.

Dit is goed vir broers om saam te woon, **Ps.** 133:1.

Ek en die Vader is een, **Joh.** 10:30 (L&V 50:43). Jesus het gebid dat almal een moes wees soos Hy en sy Vader een is, **Joh.** 17:11–23 (3 Ne. 19:23). Ek vermaan julle dat daar geen skeuringe onder julle moet wees nie, maar dat julle verenig moet wees, **1 Kor.** 1:10.

Wees een van gees en een van hart, verenig in alle dinge, **2 Ne.** 1:21. Heiliges moet hulle harte verenig, **Mosia** 18:21. Jesus het gebid vir eenheid onder sy Nefitiese dissipels, **3 Ne.** 19:23. Die dissipels was verenig in kragtige gebed en vas, **3 Ne.** 27:1.

Die Vader, Seun en Heilige Gees is een, **L&V** 20:27–28 (L&V 35:2; 50:43). Dit is jul plig om te verenig met die ware Kerk, **L&V** 23:7. Wat julle ook al sal vra in geloof, as julle verenig is in gebed, sal julle ontvang, **L&V** 29:6. As julle nie een is nie, is julle nie myne nie, **L&V** 38:27.

Die Here het sy volk Sion genoem omdat hulle een van hart en een van verstand was, **Moses** 7:18.

**Eer.** *Sien ook* Agting; Eerbied

Soos dit normaalweg in die skrifture gebruik word, om respek en eerbied te toon aan iemand of iets.

Eer jou vader en jou moeder, **Ex.** 20:12 (1 Ne. 17:55; Mosia 13:20). Vereer die Here uit jou goed, **Spr.** 3:9.

As iemand My dien, sal die Vader hom eer, **Joh.** 12:26. Julle manne moet aan die vroulike geslag eer bewys, **1 Petr.** 3:7.

Net met hulle lippe eer hulle die Here, **2 Ne.** 27:25 (Jes. 29:13). Ek soek nie na die eer van die wêreld nie, **Alma** 60:36.

Die duiwel het in opstand teen My gekom en gesê, Gee my u eer, dit is my mag, **L&V** 29:36. Die getroues sal met eer bekroon word, **L&V** 75:5 (L&V 124:55). Die Here skep behae daarin om diegene te eer wat Hom dien, **L&V** 76:5. Hulle word nie gekies nie omdat hulle hunker na die eer van mense nie, **L&V** 121:34–35.

Ons glo om die wet te eer en te onderhou, **Gel. Art.** 1:12 (L&V 134:6).

**Eerbied.** *Sien ook* Eer; Vrees

Diepe respek vir heilige dinge; verwondering

Die Here het Moses beveel om sy skoene uit te trek, want hy het op heilige grond gestaan, **Ex.** 3:4–5. God moet gevrees word en met ontsag bejeën word, **Ps.** 89:8.

Dien God welbehaaglik met eerbied en vrees, **Hebr.** 12:28.

Moroni het homself neergebuig tot die aarde en vuriglik aanbid, **Alma** 46:13. Die skare het op die aarde neergeval en Christus aanbid, **3 Ne.** 11:12–19.

Buig neer voor My, **L&V** 5:24. Alle dinge buig in nederige eerbied voor die troon van God, **L&V** 76:93. Julle verstand was verduister omdat julle die dinge wat julle ontvang het ligtelik opgeneem het, **L&V** 84:54–57. Elke knie sal buig en elke tong sal bely, **L&V** 88:104. Uit agting of eerbied vir die Naam van die Opperwese, het die Kerk daardie priesterskap na Melgisédek vernoem, **L&V** 107:4. Seëninge sal uitgestort word op diegene wat die Here eerbiedig in sy huis, **L&V** 109:21.

**Eerlik, Eerlikheid.** *Sien ook* Integriteit

Om opreg, eerbaar en sonder bedrog te wees.

Hulle wat getrou handel is die Here se welbehae, **Spr.** 12:22. Betaal dit wat jy belowe het, **Pred.** 5:4–5.

Ons het van die heimlike dinge wat skandelik is, afstand gedoen, **2 Kor.** 4:1–2. Hou julle lewenswandel onder die heidene skoon, **1 Petr.** 2:12.

Wee die leuenaar, want hy sal afgestoot word na die hel, **2 Ne.** 9:34. Die Gees spreek die waarheid en lieg nie, **Jakob** 4:13. Wie ook al van sy naaste leen, moet die ding teruggee wat hy leen, **Mosia** 4:28 (L&V 136:25). Handel regverdiglik, oordeel regverdiglik, en doen goed, **Alma** 41:14.

Laat elkeen eerlik handel, **L&V** 51:9. Almal wat weet dat hulle harte eerlik is, hulle word deur My aangeneem, **L&V** 97:8. Eerlike, wyse en goeie manne behoort gesoek te word vir politieke ampte, **L&V** 98:4–10. Soek ywerig om dit terug te besorg wat jou naaste verloor het, **L&V** 136:26.

Ons glo dat ons eerlik moet wees, **Gel. Art.** 1:13.

**Eersgeboortereg.** *Sien ook* Eersgeborene; Verbond

ʼn Erfreg wat behoort aan die eersgeborene seun. In ʼn breë sin behels eersgeboortereg enige of alle regte of erfenis oorgedra aan ʼn persoon wanneer hy gebore word in ʼn gesin en kultuur.

Verkoop eers jou eersgeboortereg aan my, **Gén.** 25:29–34 (Gén. 27:36). Die eersgeborene het gesit volgens sy eersgeboortereg, **Gén.** 43:33. Hy het Efraim voor Manasse gestel, **Gén.** 48:14–20 (Jer. 31:9). Die eersgeboortereg was Josef sʼn, **1 Kron.** 5:2.

Esau het sy eersgeboortereg verkoop, **Hebr.** 12:16.

Julle is wettige erfgename, **L&V** 86:9. Sion het ʼn reg tot die priesterskap deur afkoms, **L&V** 113:8 (Abr. 2:9–11).

**Eersgeborene.** *Sien ook* Eersgeboortereg; Jesus Christus

Ten tye van die patriarge van die voortyd het die eersgebore seun die geboortereg ontvang (Gén. 43:33) en het so die leierskap van die gesin geërf by die afsterwe van die vader. Die eersgeborene moes waardig wees om hierdie verantwoordelikheid te aanvaar (1 Kron. 5:1–2) en kon sy geboortereg verbeur deur ongeregtigheid.

Onder die wet van Moses is die eersgebore seun beskou as behorende aan God. Die eersgeborene het ʼn dubbele aandeel ontvang van sy vader se besittings (Deut. 21:17). Na sy vader se dood was hy verantwoordelik om na sy moeder en susters om te sien.

Die manlike eerstelinge van diere het ook aan God behoort. Rein diere is gebruik vir offerandes, terwyl onrein diere verlos of verkoop of doodgemaak mag word (Ex. 13:2, 11–13; 34:19–20; Lev. 27:11–13, 26–27).

Die eersgeborene simboliseer Jesus Christus en sy aardse bediening, om die mense te herinner dat die groot Messias sou kom (Moses 5:4–8; 6:63).

Jesus was die eersgeborene van die

geesteskinders van ons Hemelse Vader, die Eniggeborene van die Vader in die vlees, en die eerste om op te staan uit die dode in die Opstanding (Kol. 1:13–18). Getroue Heiliges word lede van die Kerk van die Eersgeborene in ewigheid (L&V 93:21–22).

Die eersgeborene van jou seuns moet jy aan My gee, **Ex.** 22:29. Ek het al die eersgeborenes van Israel vir My geheilig, **Núm.** 3:13.

Sodat Hy die eersgeborene kan wees onder die broeders, **Rom.** 8:29. Hy bring die Eersgeborene in die wêreld in, **Hebr.** 1:6.

Dit is hulle wat die Kerk van die Eersgeborene is, **L&V** 76:54, 94.

Dit is aan my opgelê deur die vaders, naamlik die reg van die eersgeborene, **Abr.** 1:3.

**Eerste Beginsels van die Evangelie.** *Sien* Bekeer, Bekering; Doop; Geloof, Glo; Heilige Gees

**Eerste Presidensie.** *Sien ook* Openbaring; President; Sleutels van die Priesterskap

Die President van die Kerk en sy Raadgewers. Hulle is ’n kworum van drie hoëpriesters en presideer oor die hele Kerk. Die Eerste Presidensie hou al die sleutels van die priesterskap.

Die sleutels van die koninkryk behoort altyd aan die Presidensie van die Hoëpriesterskap, **L&V** 81:2. Die Presidensie van die Hoëpriesterskap het die reg om in alle ampte op te tree, **L&V** 107:9, 22. Wie ook al My ontvang, ontvang die Eerste Presidensie, **L&V** 112:20, 30. Die Eerste Presidensie sal die openbaringe vir die hele Kerk ontvang, **L&V** 124:126.

**Eerste Visioen.** *Sien ook* Herstelling van die Evangelie; Smith, Joseph, Jr.

Die verskyning van God die Vader en sy Seun Jesus Christus aan die Profeet Joseph Smith in ’n bos.

In die lente van 1820 was Joseph Smith Jr. in sy vyftiende jaar. Hy het in die dorp Palmyra, New York, gewoon. ’n Kort afstand wes van die gesin se woning was ’n bos groot bome. Joseph het na hierdie plek gegaan om tot God te bid om te leer watter kerk reg was. Hy was beïndruk terwyl hy die Bybel gelees het, dat hy daardie antwoord van God moes kry (Jak. 1:5–6). In antwoord op sy gebede het die Vader en die Seun aan hom verskyn en vir hom gesê om by geeneen van die kerke wat toe op die aarde was, aan te sluit nie, want hulle almal was verkeerd (JS—G 1:15–20). Hierdie heilige ervaring het ’n reeks gebeurtenisse begin wat die Herstelling van die evangelie en Christus se ware Kerk teweeg sou bring.

**Eerste Vrugte**

Die eerste oeste wat bymekaar gemaak is in ’n seisoen. In Ou Testamentiese tye is hulle aan die Here geoffer (Lev. 23:9–20). Jesus Christus was die eerste vrugte voor God deurdat Hy die eerste was om opgewek te word (1 Kor. 15:20, 23; 2 Ne. 2:9). Diegene wat die evangelie aanvaar en in getrouheid volhard tot die einde toe is in ’n simboliese manier die eerste vrugte, want hulle behoort aan God.

Diegene wat die Lam volg waar hy ook al gaan, is die eerstelinge vir God, **Openb.** 14:4.

Hulle wat eerste sal neerdaal met Christus is die eerste vrugte, **L&V** 88:98.

**Efésiërs, Sendbrief aan.** *Sien ook* Paulus; Sendbriewe van Paulus

In die Nuwe Testament, ’n sendbrief geskryf deur die Apostel Paulus aan die Heiliges in Éfese. Die sendbrief is van groot belang want dit bevat Paulus se leer oor die Kerk van Christus.

Hoofstuk 1 bevat die gewone begroeting. Hoofstuk 2–3 verduidelik die verandering wat plaasvind in mense wanneer hulle lede word van

die Kerk—hulle word mede-burgers van die Heiliges, met nie-Jode en Jode wat verenig is in een Kerk. Hoofstuk 4–6 verduidelik die funksies van Apostels en profete, die noodsaaklikheid vir eenheid, en die noodsaaklikheid om die volle wapenrusting van God op te neem.

**Efraim.** *Sien ook* Boek van Mormon; Israel; Josef, Seun van Jakob; Manasse

In die Ou Testament, die tweede seun van Josef en Ásenat (Gén. 41:50–52; 46:20). Strydig met tradisie, het Efraim die seëning van geboortereg ontvang in plaas van Manasse, wat die ouer seun was (Gén. 48:17–20). Efraim het die vader geword van die stam van Efraim.

*Die stam van Efraim:* Efraim is die geboortereg gegee in Israel (1 Kron. 5:1–2; Jer. 31:9). In die laaste dae is hulle voorreg en verantwoordelikheid om die priesterskap te dra, om die boodskap van die herstelde evangelie na die wêreld te neem, en ′n vaandel op te hef om verstrooide Israel bymekaar te maak (Jes. 11:12–13; 2 Ne. 21:12–13). Die kinders van Efraim sal diegene van die noordelike streke wat in die laaste dae terugkeer, met heerlikheid bekroon (L&V 133:26–34).

*Die stok van Efraim of Josef:* ′n Kroniek van een groep van die stam van Efraim wat van Jerusalem gelei was na Amerika in ongeveer 600 v.C. Hierdie groep se kroniek word genoem die stok van Efraim of Josef, of die Boek van Mormon. Dit en die stok van Juda (die Bybel) vorm ′n verenigde getuienis van die Here Jesus Christus, sy Opstanding en sy goddelike werk onder hierdie twee gedeeltes van die huis van Israel.

′n Tak van Efraim sal afgebreek word en nog ′n testament van Christus skryf, **JSV, Gén.** 50:24–26, 30–31. Die stok van Juda en die stok van Josef sal een word, **Eség.** 37:15–19.

Die geskrifte van Juda en van Josef sal saamgroei, **2 Ne.** 3:12. Die Here spreek tot baie nasies, **2 Ne.** 29.

Die sleutels van die kroniek van die stok van Efraim is aan Moroni gegee, **L&V** 27:5.

**Egbreuk.** *Sien ook* Homoseksuele Gedrag; Kuisheid; Ontug; Seksuele Onsedelikheid; Wellus, Wellustigheid

Die onwettige seksuele verkeer van mans en vrouens. Alhoewel egbreuk oor die algemeen verwys na seksuele gemeenskap tussen ′n getroude persoon en iemand anders as sy of haar eggenoot(te), mag dit ook in die skrifture verwys na die ongetroudes.

Somtyds word egbreuk gebruik as ′n simbool vir die afval van ′n nasie of ′n hele volk van die weë van die Here (Núm. 25:1–3; Jer. 3:6–10; Eség. 16:15–59; Hos. 4).

Josef wou nie hierdie groot boosheid pleeg nie, en teen God sondig nie, **Gén.** 39:7–12. Jy sal nie egbreek nie, **Ex.** 20:14.

Wie ook al na ′n vrou kyk om haar te begeer, het egbreuk gepleeg in sy hart, **Matt.** 5:28. Nóg owerspelers nóg egbrekers sal die koninkryk van God beërwe, **1 Kor.** 6:9–10. God sal hoereerders en egbrekers oordeel, **Hebr.** 13:4.

Egbreuk is gruweliker bo alle sondes behalwe die stort van onskuldige bloed of om die Heilige Gees te verloën, **Alma** 39:3–5.

Hy wat egbreuk pleeg en nie bekeer nie, sal uitgewerp word, **L&V** 42:23–26. As enigiemand egbreuk sal pleeg in hulle harte, sal hulle nie die Gees hê nie, **L&V** 63:14–16.

**Eggenoot.** *Sien* Gesin; Huwelik, Trou

**Eggenote.** *Sien* Gesin; Huwelik, Trou

**Egipte**

′n Land in die noordoostelike hoek van Afrika. Baie dele van Egipte is dor en woes. Die meeste van die inwoners

woon in die Nylvallei wat ongeveer 890 kilometer strek.

Voortydse Egipte was ryk en voorspoedig. Groot ingenieursprojekte is gebou, insluitende kanale vir besproeiing; sterk stede vir verdediging; en koninklike monumente, veral piramiedgrafkelders en tempels, wat steeds onder die wonders van die wêreld tel. Vir ′n tydperk was die Egiptiese regering ′n nabootsing van die patriargale orde van die priesterskap (Abr. 1:21–27).

Abraham en Josef is gelei na Egipte om hulle gesinne te red van hongersnood, **Gén.** 12:10 (Gén. 37:28). Josef is na Egipte verkoop, **Gén.** 45:4–5 (1 Ne. 5:14–15). Jakob is gelei na Egipte, **Gén.** 46:1–7. Moses het die kinders van Israel uitgelei uit Egipte, **Ex.** 3:7–10; 13:14 (Hebr. 11:27; 1 Ne. 17:40; Moses 1:25–26). Egipte het boosheid gesimboliseer, **Eség.** 29:14–15 (Hoséa 9:3–7; Abr. 1:6, 8, 11–12, 23).

′n Engel het aan Josef vertel om met Maria en Jesus te vlug na Egipte, **Matt.** 2:13 (Hoséa 11:1).

**Egskeiding.** *Sien ook* Huwelik, Trou

Die beëindiging van ′n huwelik deur die mag van óf ′n burgerlike óf ′n kerklike wet. Volgens die Nuwe Testament het God egskeiding onder sommige omstandighede toegelaat vanweë die hardheid van die mense se harte; nogtans, soos Jesus verduidelik het, "van die begin af was dit nie so nie" (Matt. 19:3–12). Oor die algemeen keur die skrifte ′n egskeiding af en spoor mans en vroue aan om mekaar lief te hê in regverdigheid (1 Kor. 7:10–12; L&V 42:22).

**Egyptus**

Die naam van beide die vrou en dogter van Gam, die seun van Noag. In Chaldees beteken die naam "Egipte", of "dit wat verbode is" (Abr. 1:23–25).

**Einde van die Wêreld.** *Sien* Wêreld—Einde van die wêreld

**Eindeloos.** *Sien ook* God, Godheid

Een van die name van God wat sy ewige natuur aandui (L&V 19:10–12; Moses 1:3; 7:35).

**EK IS.** *Sien ook* Jehova; Jesus Christus

Een van die name van die Here Jesus Christus.

God het aan Moses gesê, EK IS WAT EK IS, **Ex.** 3:14–15. Ek is die Here, **Ex.** 6:2–3.

Voordat Abraham was, is Ek, **Joh.** 8:56–59.

Luister na die stem van Jesus Christus, die Groot Ek Is, **L&V** 29:1 (L&V 38:1; 39:1).

**Ekskommunikeer.** *Sien ook* Afval; Rebellie

Ekskommunikasie is die ergste Kerkdissiplinêre optrede. ′n Persoon wat geëkskommunikeer is, is nie langer ′n lid van die Kerk nie. Kerkowerhede ekskommunikeer ′n persoon van die Kerk slegs wanneer hy gekies het om in teenstelling te lewe met die Here se gebooie en homself dus ongeskik verklaar vir verdere lidmaatskap in die Kerk.

Die harte van baie is verhard, en hulle name is uitgewis, **Alma** 1:24 (Alma 6:3). As hy nie bekeer nie, sal hy nie gereken word onder my volk nie, **3 Ne.** 18:31 (Mosia 26).

Egbrekers wat nie bekeer nie, sal uitgewerp word, **L&V** 42:24. Hy wat sondig en nie bekeer nie, sal uitgewerp word, **L&V** 42:28. Prosedures word gegee om belangrike probleme in die Kerk te besleg, **L&V** 102 (L&V 42:80–93). Die biskop word aangestel om ′n regter in Israel te wees, **L&V** 107:72. Godsdienstige verenigings het die reg om teen hul lede se wangedrag op te tree, **L&V** 134:10.

**El**

Die gewone eenheid van lengte onder die Hebreërs—oorspronklik die afstand

vanaf die elmboog tot die punt van die vingers.

**Eli.** *Sien ook* Samuel, Ou Testamentiese Profeet

ʼn Hoëpriester en rigter in die Ou Testament toe die Here vir Samuel geroep het om ʼn profeet te wees (1 Sam. 3). Die Here het hom tereggewys omdat hy die goddeloosheid van sy seuns verdra het (1 Sam. 2:22–36; 3:13).

**Elía.** *Sien ook* Elías; Heil; Verseël, Verseëling

ʼn Ou Testamentiese profeet wat teruggekeer het in die laaste dae om die sleutels van die seëlingsmagte te skenk aan Joseph Smith en Oliver Cowdery. Op sy dag het Elía in die Noordelike Koninkryk van Israel gedien (1 Kon. 17–22; 2 Kon. 1–2). Hy het groot geloof gehad in die Here en is bekend vir baie wonderwerke. Op sy versoek het God reën laat ophou vir 3½ jaar. Hy het ʼn seun opgewek uit die dode en het vuur neergeroep uit die hemel (1 Kon. 17–18). Die Joodse volk wag nog steeds vir Elía se terugkeer, soos Maleági geprofeteer het dat hy sou (Mal. 4:5). Hy bly ʼn genooide gas by Joodse Paasfeeste waar ʼn oop deur en ʼn leë sitplek altyd op hom wag.

Die Profeet Joseph Smith het gesê dat Elía die verseëlingsmagte gehad het van die Melgisédekse Priesterskap en dat hy die laaste profeet was om dit te doen voor die tyd van Jesus Christus. Hy het op die Berg van Transfigurasie verskyn saam met Moses en het die sleutels van die priesterskap geskenk aan Petrus, Jakobus, en Johannes (Matt. 17:3). Hy het weer verskyn met Moses en andere, op 3 April 1836, in die Kirtland Ohio Tempel en het dieselfde sleutels geskenk aan Joseph Smith en Oliver Cowdery (L&V 110:13–16). Dit alles was ter voorbereiding van die Tweede Koms van die Here, soos gespreek in Maleági 4:5–6.

Die mag van Elía is die verseëlingsmag van die priesterskap waardeur dinge wat gebind of losgemaak word op aarde, gebind of losgemaak word in die hemel (L&V 128:8–18). Gekose diensknegte van die Here op aarde het vandag hierdie verseëlingsmag en voer die verlossingsordinansies van die evangelie uit vir die lewende en die dode (L&V 128:8).

Het die hemele verseël en is gevoed deur kraaie, **1 Kon.** 17:1–7. Het die weduwee se pot van meel en kruik van olie beveel om nie op te raak nie, **1 Kon.** 17:8–16. Het die weduwee se seun opgewek uit die dode, **1 Kon.** 17:17–24. Het die priesters van Baäl verslaan, **1 Kon.** 18:21–39. Die Here was in die fluistering van die windstilte, **1 Kon.** 19:11–12. Het na die hemel opgevaar in ʼn wa van vuur, **2 Kon.** 2:11. Maleági het geprofeteer van sy terugkeer in die laaste dae, **Mal.** 4:5–6 (3 Ne. 25:5).

Het in die Kirtland Ohio Tempel verskyn in 1836, **L&V** 110:13–16.

**Elías.** *Sien ook* Elía

Daar is verskillende gebruike van die naam of titel *Elías* in die skrifture:

*Elía:* Elías is die Griekse vorm van die Hebreeuse Elía. Die Afrikaanse Bybel onderskei nie tussen Elías en Elía nie (vergelyk Matt. 17:3–4, Lk. 4:25–26, en Jak. 5:17). Die bediening van Elía is opgeteken in 1 en 2 Konings.

*Voorloper:* Elías is ook ʼn titel vir een wat ʼn voorloper is, byvoorbeeld Johannes die Doper was ʼn Elías omdat hy gestuur is om die weg te berei vir Jesus (Matt. 17:12–13).

*Hersteller:* Die titel Elías is ook op andere toegepas wat spesifieke sendings gehad het om te vervul, soos Johannes die Openbaarder (L&V 77:14) en Gabriël (Lk. 1:11–20; L&V 27:6–7; 110:12).

*ʼn Man in Abraham se tydvak:* ʼn Profeet genoem Esaias of Elías wat blykbaar geleef het in die dae van Abraham (L&V 84:11–13; 110:12).

**Elísa**

ʼn Ou Testamentiese profeet van die Noordelike Koninkryk van Israel en ʼn getroue raadgewer van verskeie van daardie land se konings.

Elísa het ʼn sagsinnige en liefhebbende geaardheid gehad, sonder daardie vurige geesdrif waarvoor sy meester, Elía, bekend was. Sy belangrike wonderwerke (2 Kon. 2–5; 8) getuig dat hy waarlik Elía se krag ontvang het toe hy Elía as ʼn profeet opgevolg het (2 Kon. 2:9–12). Byvoorbeeld, hy het die waters van ʼn bitter fontein genees, die waters van die Jordaanrivier verdeel, ʼn weduwee se olie vermenigvuldig, ʼn seun uit die dode opgewek, ʼn man van melaatsheid gesond gemaak, ʼn ysterbyl laat dryf, en het die Arameërs met blindheid geslaan (2 Kon. 2–6). Sy bediening het meer as vyftig jaar geduur gedurende die heerskappye van Joram, Jehu, Jóahas, en Joas.

Het die mantel van Elía ontvang, **2 Kon.** 2:13. Het die weduwee se olie vermenigvuldig, **2 Kon.** 4:1–7. Het die Sunamitiese vrou se seun opgewek uit die dode, **2 Kon.** 4:18–37. Het Naäman, die Araméer, genees, **2 Kon.** 5:1–14. Het die Aramese soldate blind gemaak, en sy dienskneg se oë is geopen, **2 Kon.** 6:8–23.

**Elisabet.** *Sien ook* Johannes die Doper

In die Nuwe Testament, die vrou van Sagaría, die moeder van Johannes die Doper en ʼn bloedverwant van Maria (Lk. 1:5–60).

**Elohim.** *Sien* God, Godheid; Vader in die Hemel

**Emmánuel.** *Sien* Immánuel

**Engele**

Daar is twee soorte wesens in die hemel wat engele genoem word: diegene wat geeste is en diegene wat liggame het van vlees en been. Engele wat geeste is, het nog nie ʼn liggaam van vlees en been ontvang nie, óf hulle is geeste wat eenmaal ʼn sterflike liggaam gehad het en wat die opstanding afwag. Engele wat liggame het van vlees en been is óf herrese uit die dood óf getransfigureer.

Daar is baie verwysings in die skrifture ten opsigte van die werk van engele. Somtyds spreek engele met ʼn stem van donder wanneer hulle God se boodskap oordra (Mosia 27:11–16). Regverdige sterflike mense kan ook engele genoem word (JSV, Gén. 19:15 [Bylae]). Sommige engele dien rondom die troon van God in die hemel (Alma 36:22).

Die skrifture spreek ook van die duiwel se engele. Hulle is die geeste wat Lucifer gevolg het en wat uit God se teenwoordigheid gewerp is in die vooraardse lewe en neergewerp is na die aarde (Openb. 12:1–9; 2 Ne. 9:9, 16; L&V 29:36–37).

Jakob het engele van God gesien wat opklim en neerdaal, **Gén.** 28:12. Engele van God het Jakob ontmoet, **Gén.** 32:1–2. Gídeon het ʼn engel van die Here gesien van aangesig tot aangesig, **Rigt.** 6:22. ʼn Engel het sy hand uitgesteek na Jerusalem om dit te vernietig, **2 Sam.** 24:16. ʼn Engel het Elía aangeraak en vir hom gesê, Staan op en eet, **1 Kon.** 19:5–7. Daniël het die engel Gabriël in ʼn visioen gesien, **Dan.** 8:15–16. Die engel Mígael het Daniël gehelp, **Dan.** 10:13.

Die engel Gabriël is gestuur deur God, **Lk.** 1:19, 26–27. Die duiwel se engele sal bewaar word in kettings tot die oordeel, **Judas** 1:6 (2 Petr. 2:4).

Mense het engele gesien neerdaal uit die hemel, **3 Ne.** 17:24. Moroni het geskryf oor die bediening van engele, **Moro.** 7:25–32.

Die Äaroniese Priesterskap hou die sleutels van die bediening van engele, **L&V** 13. Moroni, Johannes die Doper, Petrus, Jakobus, Johannes, Moses, Elía en Elías het almal vir Joseph Smith gedien as engele, **L&V** 27:5–12. Julle is nie

in staat om die bediening van engele te verdra nie, **L&V** 67:13. Mígael, die aartsengel, is Adam, **L&V** 107:54. Engele is herrese persone wat liggame het van vlees en been, **L&V** 129. Daar is geen engele wat hierdie aarde bedien nie behalwe diegene wat daaraan behoort, **L&V** 130:5. Mense wat nie God se wet van die ewige huwelik gehoorsaam nie, nie trou, nóg in die huwelik gegee word, maar word aangewys as engele in die hemel, **L&V** 132:16–17.

**Eniggeborene.** *Sien ook* Jesus Christus; Verwek

ʼn Ander naam vir Jesus Christus. Hy is die Eniggebore Seun van die Vader (Lk. 1:26–35; Joh. 1:14; 3:16; 1 Ne. 11:18–20; 2 Ne. 25:12; Alma 7:10; 12:33; Moses 7:62).

**Enos, Seun van Jakob**

ʼn Nefitiese profeet in die Boek van Mormon wat die kronieke bygehou het en wat gebid het vir en ʼn vergifnis van sy sondes ontvang het deur sy geloof in Christus (Enos 1:1–8). Die Here het ʼn verbond gesluit met Enos om die Boek van Mormon uit te bring na die Lamaniete (Enos 1:15–17).

*Die boek van Enos:* ʼn Boek in die Boek van Mormon. Die Here het hom belowe dat die Boek van Mormon bewaar sou word en beskikbaar gestel sou word aan die Lamaniete in die toekoms. Hoewel die boek net een hoofstuk bevat, gee dit ʼn verslag van die kragtige verhaal van ʼn man wat sy God gesoek het in gebed, gehoorsaam geleef het aan God se gebooie en voor sy dood hom verheug het in sy kennis van die Verlosser.

**Erfgenaam**

ʼn Persoon wat geregtig is om fisiese of geestelike gawes te erf. In die skrifture word die regverdiges belowe dat hulle erfgename sal word van alles wat God het.

Abraham het ʼn erfgenaam begeer, **Gén.** 15:2–5.

Abraham het ʼn erfgenaam geword van die wêreld deur die geregtigheid van geloof, **Rom.** 4:13. Ons is die kinders van God, en as ons kinders is, dan erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus, **Rom.** 8:16–17 (L&V 84:38). Jy is ʼn kind, ʼn erfgenaam van God deur Christus, **Gal.** 4:7. God het sy Seun as erfgenaam van alles aangestel, **Hebr.** 1:2.

Diegene wat vooruitsien na ʼn vergifnis van hulle sondes is erfgename van die koninkryk van God, **Mosia** 15:11. Die volk het kinders van Christus geword en erfgename van die koninkryk van God, **4 Ne.** 1:17.

Diegene wat gesterf het sonder ʼn kennis van die evangelie mag erfgename word van die selestiale koninkryk, **L&V** 137:7–8. Die dode wat bekeer, is erfgename van verlossing, **L&V** 138:58–59.

Abraham het ʼn regmatige erfgenaam geword deur sy regverdigheid, **Abr.** 1:2.

**Esaias**

Esias is die Griekse vorm van die Hebreeuse Jesaja. Die Afrikaanse Bybel onderskei nie tussen Esias en Jesaja nie (vergelyk Lukas 4:17). Esias was ook ʼn profeet wat in die dae van Abraham geleef het (L&V 76:100; 84:13).

**Esau.** *Sien ook* Isak; Jakob, Seun van Isak

In die Ou Testament, Isak en Rebekka se ouer seun en Jakob se tweeling broer. Die twee broers was mededingers vanaf hul geboorte (Gén. 25:19–26). Esau se afstammelinge, die Edomiete, en Jakob se afstammelinge, die Israeliete, het mededingende nasies geword (Gén. 25:23).

Esau het sy geboortereg aan Jakob verkoop, **Gén.** 25:33 (Hebr. 12:16–17). Esau het Hetitiese vroue getrou tot sy ouers se verdriet, **Gén.** 26:34–35. Jakob en Esau is versoen, **Gén.** 33.

**Eségiël**

ʼn Profeet wat die boek van Eségiël geskryf het in die Ou Testament. Hy was ʼn priester van die gesin van Sadok en een van die Joodse gevangenes wat deur Nebukadnésar weggevoer is. Hy het hom met die Joodse bannelinge gevestig in Babilon en het geprofeteer gedurende ʼn tydperk van twee en twintig jaar, van 592 tot 570 v.C.

*Die boek van Eségiël:* Die boek van Eségiël kan verdeel word in vier afdelings. Hoofstuk 1–3 vertel van ʼn visioen van God en Eségiël se roeping om te dien; hoofstuk 4–24 vertel van oordele oor Jerusalem en waarom hulle gegee is; hoofstuk 25–32 verkondig oordele oor die nasies; en hoofstuk 33–48 bevat visioene van Israel in die laaste dae.

**Esra**

ʼn Ou Testamentiese priester en skrywer wat sommige van die Jode teruggebring het na Jerusalem vanaf Babiloniese slawerny (Esra 7–10; Neh. 8; 12). In 458 v.C. het hy toestemming gekry van Artasásta, koning van Persië, om enige Joodse bannelinge na Jerusalem te neem wat wou gaan (Esra 7:12–26).

Voor Esra se tyd het die priesters feitlik volle beheer gehad oor die lees van die versameling van geskrewe geskrifte wat die "wet" genoem is. Esra het gehelp om die skrifte beskikbaar te stel aan elke Jood. Die openbare lees van "die boek van die wet" het uiteindelik die middelpunt geword van Joodse nasionale lewe. Miskien het Esra se grootste lering gekom van sy eie voorbeeld om sy hart voor te berei om die Here se wet te soek, dit te gehoorsaam, en dit aan andere te leer (Esra 7:10).

*Die boek van Esra:* Hoofstuk 1–6 beskryf gebeure wat plaasgevind het vanaf sestig tot tagtig jaar voordat Esra in Jerusalem aangekom het—die dekreet van Kores in 537 v.C. en die terugkeer van die Jode onder Serubbábel. Hoofstuk 7–10 toon hoe Esra na Jerusalem gegaan het. Hy, met sy groep, het gevas en gebid vir beskerming. By Jerusalem het hulle baie Joodse mense gevind wat vroeër na Jerusalem gegaan het onder Serubbábel, en vroue buite die verbond getrou het en hulleself dus verontreinig het. Esra het vir hulle gebid en het hulle onder verbond geplaas om daardie vroue te skei. Die latere geskiedenis van Esra word gevind in die boek van Nehemia.

**Ester**

ʼn Vrou met groot geloof en die hoofkarakter in die boek van Ester.

*Die boek van Ester:* ʼn Boek in die Ou Testament wat die verhaal bevat van Koningin Ester se groot moed om haar volk te red van vernietiging.

Hoofstuk 1–2 vertel hoe Ester, ʼn Joodse vrou en die aangenome dogter van ʼn Joodse man genaamd Mórdegai, gekies is as koningin van Persië vanweë haar skoonheid. Hoofstuk 3 verduidelik dat Haman, hoofman aan die hof van die koning, vir Mórdegai gehaat het en ʼn dekreet verkry het om alle Jode te dood. Hoofstuk 4–10 vertel hoe Ester, ondanks groot persoonlike gevaar, haar eie nasionaliteit bekendgemaak het aan die koning en hoe die dekreet teruggetrek is.

**Ether.** *Sien ook* Jerediete

Die laaste Jereditiese profeet in die Boek van Mormon (Ether 12:1–2).

*Die boek van Ether:* ʼn Boek in die Boek van Mormon wat gedeeltes bevat van die kroniek van die Jerediete. Die Jerediete was ʼn groep mense wat geleef het in die westelike halfrond baie eeue voor die volk van Lehi. Die boek van Ether is geneem van vier en twintig plate wat gevind is deur die volk van Limhi (Mosia 8:8–9).

Hoofstuk 1–2 vertel hoedat die Jerediete hulle tuiste verlaat het ten tye van die Toring van Babel en hulle reis begin

het na wat nou bekend is as die Amerikaanse vasteland. Hoofstuk 3–6 verduidelik dat die broer van Jered die voorsterflike Verlosser gesien het en dat die Jerediete in agt sulke bote gereis het. Hoofstuk 7–11 vervolg met die geskiedenis van goddeloosheid wat baie van die Jereditiese geskiedenis oorheers het. Moroni, wat Ether se kroniek geredigeer het, het in hoofstuk 12–13 geskryf oor wonderwerke wat deur geloof gedoen is en van Christus en ’n Nuwe Jerusalem wat moes kom. Hoofstuk 14–15 vertel hoedat die Jerediete ’n magtige nasie geword het maar deur burgeroorlog vernietig is as gevolg van goddeloosheid.

**Eva.** *Sien ook* Adam; Eden; Val van Adam en Eva

Die eerste vrou om op hierdie aarde te lewe (Gén. 2:21–25; 3:20). Sy was Adam se vrou. In Hebreeus beteken die naam “lewe.” Sy is so genoem omdat sy die “moeder was van alle lewendes” (Moses 4:26). Sy en Adam, die eerste man, sal ewige heerlikheid beërwe vir hulle rol om die ewige vooruitgang van die hele mensdom moontlik te maak.

Eva was versoek en het van die verbode vrug geëet, **Gén.** 3 (2 Ne. 2:15–20; Moses 4).

President Joseph F. Smith het vir Eva gesien in sy visioen van die geesteswêreld, **L&V** 138:39.

Eva het die noodsaaklikheid van die Val en die vreugdes van verlossing besef, **Moses** 5:11–12.

**Evangelie.** *Sien ook* Leer van Christus; Plan van Verlossing; Tydvak

God se heilsplan wat moontlik gemaak word deur die Versoening van Jesus Christus. Die evangelie sluit in die ewige waarhede of wette, verbonde en ordinansies wat nodig is vir die mensdom om terug te keer na die teenwoordigheid van God. God het die volheid van die evangelie herstel op die aarde deur die Profeet Joseph Smith in die 19e eeu.

Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie, **Mark.** 16:15.

Die duidelike en kosbare dele van die evangelie van die Lam is teruggehou, **1 Ne.** 13:32. Dit is my evangelie, **3 Ne.** 27:13–21 (L&V 39:6).

Die Boek van Mormon bevat die volheid van die evangelie, **L&V** 20:8–9 (L&V 42:12). Dit is die evangelie, **L&V** 76:40–43. Die Melgisédekse Priesterskap het die evangelie bedien, **L&V** 84:19. Elke mens sal die volheid van die evangelie in sy eie tong hoor, **L&V** 90:11. Die Seun het die evangelie gepreek aan die geeste van die dooies, **L&V** 138:18–21, 28–37.

Die evangelie is vanaf die begin verkondig, **Moses** 5:58. Die eerste beginsels en ordinansies van die evangelie word beskryf, **Gel. Art.** 1:4.

**Evangelie, Herstelling van.** *Sien* Herstelling van die Evangelie

**Evangelies.** *Sien ook* Johannes, Seun van Sebedéüs; Lukas; Markus; Matthéüs

Die vier kronieke of getuies van Jesus se aardse lewe en die gebeurtenisse betreffende sy bediening soos bevat in die eerste vier boeke van die Nuwe Testament. Hulle is geskryf deur Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes en is opgetekende getuienisse van Christus se lewe. Die boek van 3 Nefi in die Boek van Mormon is in baie opsigte soortgelyk aan hierdie vier Nuwe Testamentiese Evangelies.

Die boeke van die Nuwe Testament is oorspronklik in Grieks geskryf. Die Griekse woord vir *evangelie* beteken “goeie nuus.” Die goeie nuus is dat Jesus Christus ’n versoening gedoen het wat die hele mensdom sal verlos van die dood en elke individu sal beloon volgens sy werke (Joh. 3:16; Rom. 5:10–11; 2 Ne. 9:26; Alma 34:9; L&V 76:69).

Sien ook Ooreenstemming van die Evangelies in die Bylae.

**Evangelis.** *Sien ook* Patriarg, Patriargaal; Patriargale Seëninge

Een wat die goeie nuus van die evangelie van Jesus Christus dra of verkondig. Joseph Smith het geleer dat ′n evangelis ′n patriarg is. Patriarge word geroep en geordineer onder die leiding van die Twaalf Apostels om spesiale seëninge te gee wat patriargale seëninge genoem word.

Die Here roep sommige mans om Apostels te wees, en sommige profete, en sommige evangeliste, **Efés.** 4:11. Doen die werk van ′n evangelis, **2 Tim.** 4:5.

Ons glo in Apostels, profete, herders, leraars, evangeliste, **Gel. Art.** 1:6.

**Ewigdurende Lewe.** *Sien* Ewige Lewe

**Ewigdurende Verbond.** *Sien* Nuwe en Ewigdurende Verbond; Verbond

**Ewige Lewe.** *Sien ook* Kroon; Lewe; Selestiale Heerlikheid; Verheffing; Versoen, Versoening

Om as gesinne vir ewig in God se teenwoordigheid te leef (L&V 132:19–20, 24, 55). Die ewige lewe is God se grootste geskenk aan die mens.

U het die woorde van die ewige lewe, **Joh.** 6:68. Dit is die ewige lewe, dat hulle U mag ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus, **Joh.** 17:3 (L&V 132:24). Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, **1 Tim.** 6:12.

Die mens is vry om vryheid te kies en die ewige lewe, **2 Ne.** 2:27 (Hel. 14:31). Om geestelik gesind te wees is die ewige lewe, **2 Ne.** 9:39. Dan is julle in die smal weg wat lei na die ewige lewe, **2 Ne.** 31:17–20. Om in Christus te glo en te volhard tot die einde toe, is die ewige lewe, **2 Ne.** 33:4 (3 Ne. 15:9).

Hy wat die ewige lewe het, is ryk, **L&V** 6:7 (L&V 11:7). Die ewige lewe is die grootste van al die gawes van God, **L&V** 14:7 (Rom. 6:23). Die regverdiges sal vrede in hierdie wêreld ontvang, en die ewige lewe in die wêreld wat kom, **L&V** 59:23. Diegene wat volhard tot die einde toe sal ′n kroon van die ewige lewe hê, **L&V** 66:12 (L&V 75:5). Almal wat sterf sonder die evangelie wat dit sou aanvaar het as hulle gelewe het, is erfgename van die selestiale koninkryk, **L&V** 137:7–9.

God se werk en heerlikheid is om die onsterflikheid en ewige lewe van die mens teweeg te bring, **Moses** 1:39. God gee die ewige lewe aan die gehoorsames, **Moses** 5:11.

**Ewige Vader.** *Sien* God, Godheid; Vader in die Hemel

**Exodus.** *Sien ook* Pentateug

′n Boek geskryf deur Moses in die Ou Testament wat die uittog van die Israeliete uit Egipte beskryf. Die vroeë geskiedenis van Israel soos opgeteken in Exodus kan in drie dele verdeel word: (1) die volk se slawerny in Egipte, (2) hulle uittog uit Egipte onder Moses se leierskap, en (3) hulle toegewydheid aan God se diens in hulle godsdienstige en politieke lewe.

Die eerste gedeelte, Exodus 1:1–15:21, handel oor die verdrukking van Israel in Egipte; die vroeë geskiedenis en roeping van Moses; die Exodus en die instelling van die Pasga; en die opmars na die Rooi See, die vernietiging van Farao se leër en Moses se oorwinningslied.

Die tweede gedeelte, Exodus 15:22–18:27, handel oor Israel se verlossing en die gebeure op die reis van die Rooi See tot by Sinai, die bitter waters van Mara, die gee van kwartels en manna, die onderhouding van die Sabbat, die wonderbaarlike gawe van water by Ráfidim, en die stryd aldaar met die Amalekiete; die aankoms van Jetro in die kamp en sy raad om die volk te regeer.

Die derde gedeelte, hoofstukke 19–40, handel oor Israel se toewyding aan God

se diens gedurende die plegtige gebeurtenisse by Sinai. Die Here het die volk afgesonder as 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie; Hy het die Tien Gebooie gegee; en Hy het voorskrifte gegee ten opsigte van die tabernakel, die inrigting daarvan en aanbidding daarin. Dan volg die verslag van die volk se sonde om 'n goue kalf te aanbid en laastens die verslag van die bou van die tabernakel en voorsiening vir sy dienste.

**Familiegeskiedenis.** *Sien* Geslagsregister; Heil vir die Dode

**Farao.** *Sien ook* Egipte; Egyptus

Die oudste seun van Egyptus, die dogter van Gam (Abr. 1:25). Ook die titel wat aan die Egiptiese konings gegee is (Abr. 1:27).

**Fariseërs.** *Sien ook* Jode

In die Nuwe Testament, 'n godsdienstige groep onder die Jode wie se naam beteken om afgeskei of apart te wees. Die Fariseërs was hoogmoedig vanweë hul streng nakoming van die wet van Moses en om enigiets te vermy wat met die nie-Jode verbind word. Hulle het in die lewe na die dood, die Opstanding en die bestaan van engele en geeste geglo. Hulle het geglo dat die mondelinge wet en oorlewering net so belangrik was as die geskrewe wette. Hulle leerstellings het godsdiens beperk tot die nakoming van reëls en het geestelike hoogmoed aangemoedig. Hulle het veroorsaak dat baie Jode Christus en sy evangelie betwyfel het. Die Here het die Fariseërs en hulle werke veroordeel in Matthéüs 23; Markus 7:1–23; en Lukas 11:37–44.

**Fatsoenlikheid.** *Sien ook* Nederig, Nederigheid

Gedrag of voorkoms wat nederig, gematig en ordentlik is. 'n Fatsoenlike persoon vermy oormatigheid en voorwendsels.

God het kledingstukke van vel gemaak en Adam en Eva geklee, **Gén.** 3:21 (Moses 4:27).

Die vroue moet hulle versier met behoorlike kleding, **1 Tim.** 2:9. Wees ingetoë, kuis en huislik, **Tit.** 2:5.

Baie is verhewe vanweë hulle duur kleding, **Jakob** 2:13.

Laat al julle klere eenvoudig wees, **L&V** 42:40.

Ons glo daarin om kuis en eerbaar te wees, **Gel. Art.** 1:13.

**Fayette, New York (VSA)**

Die plek van die plaas wat deur Peter Whitmer Snr. besit is, waar baie openbaringe gegee is aan die Profeet Joseph Smith Jr. Hier is die kerk georganiseer op 6 April 1830 en die stem van die Here is gehoor (L&V 128:20).

**Filémon.** *Sien ook* Paulus

'n Christen in die Nuwe Testament wat die slaaf Onésimus besit het wat weggeloop het en by Paulus aangesluit het. Paulus het vir Onésimus teruggestuur na Filémon met 'n brief om te vra dat Filémon die slaaf moes vergewe.

**Filémon, Sendbrief aan.** *Sien ook* Paulus; Sendbriewe van Paulus

'n Boek in die Nuwe Testament wat geneem is van 'n brief wat deur Paulus geskryf is. Paulus se brief aan Filémon is 'n persoonlike brief oor Onésimus, 'n slaaf wat sy meester, Filémon, beroof het en weggeloop het na Rome. Paulus het hom teruggestuur na sy meester in Kolosse in die geselskap van Tíchikus, die draer van Paulus se brief aan die Kolossense. Paulus het gevra dat Onésimus vergewe moes word en terug ontvang word as 'n mede-Christen. Paulus het hierdie brief geskryf terwyl hy vir die eerste keer in die gevangenis in Rome was.

**Filippense, Sendbrief aan.** *Sien ook* Paulus; Sendbriewe van Paulus

'n Brief wat Paulus aan die Heiliges

in Filippi geskryf het terwyl hy vir die eerste keer ′n gevangene in Rome was. Dit is nou die boek Filippense in die Nuwe Testament.

Hoofstuk 1 bevat Paulus se groete en sy leringe oor eenheid, nederigheid en volharding. In hoofstuk 2 benadruk hy dat almal voor Christus sal buig en dat elke persoon sy eie heil moet uitwerk. In hoofstuk 3 verduidelik Paulus dat hy alle dinge vir Christus opgeoffer het. In hoofstuk 4 het Paulus die Filippynse Heiliges gedank vir hulle bystand.

**Filippus**

In die Nuwe Testament was Filippus van Betsáida een van die oorspronklike Twaalf Apostels van die Saligmaker (Matt. 10:2–4; Joh. 1:43–45).

′n Ander Filippus was een van sewe wat gekies was om die Twaalf Apostels by te staan (Hand. 6:2–6). Hy het in Samaría en vir ′n Ethiopiese hofdienaar gepreek (Hand. 8).

**Filistyne**

In die Ou Testament, ′n stam wat oorspronklik van Kaftor afkomstig was (Amos 9:7) en die ryk laagland aan die Middellandse kus vanaf Joppe tot by die Egiptiese woestyn besit het voor die dae van Abraham (Gén. 21:32). Vir baie jare was daar ′n militêre stryd tussen die Filistyne en die Israeliete. Mettertyd het Palestina, die naam van die Filistynse gebied, ′n bekende benaming vir die hele Heilige Land geword.

Israel was in Filistynse slawerny vir veertig jaar, **Rigt.** 13:1. Simson het teen die Filistyne geveg, **Rigt.** 13–16. Góliat was ′n Filistyn uit Gat, **1 Sam.** 17. Dawid het die Filistyne verslaan, **1 Sam.** 19:8.

**Gabriël.** *Sien ook* Engele; Maria, Moeder van Jesus; Noag, Bybelse Patriarg

′n Engel wat gestuur is na Daniël (Dan. 8:16; 9:21), Sagaría (Lk. 1:11–19; L&V 27:7), Maria (Lk. 1:26–38), en andere (L&V 128:21). Die Profeet Joseph Smith het aangedui dat Gabriël die Ou Testamentiese profeet Noag is.

**Gad die Siener.** *Sien ook* Skrifture—Verlore skrifture

′n Profeet en getroue vriend en raadgewer van Dawid in die Ou Testament (1 Sam. 22:5; 2 Sam. 24:11–19). Hy het ′n boek geskryf oor die handelinge van Dawid, wat verlore skrifture geword het (1 Kron. 29:29).

**Gad, Seun van Jakob.** *Sien ook* Israel; Jakob, Seun van Isak

In die Ou Testament, ′n seun van Jakob en Silpa (Gén. 30:10–11). Sy afstammelinge het ′n stam van Israel geword.

*Die stam van Gad:* Vir Jakob se seëning oor sy seun Gad, sien Génesis 49:19. Vir Moses se seëning oor die stam van Gad, sien Deuteronómium 33:20–21. Volgens hierdie seëninge sou Gad se afstammelinge ′n oorlogsugtige ras wees. Die lande wat aan hulle toegewys is in die land Kanaän was oos van die Jordaanrivier en het goeie weiland gehad met volop water.

**Gadianton-rowers.** *Sien ook* Geheime Organisasies

In die Boek van Mormon, ′n bende rowers gestig deur ′n bose Nefiet genaamd Gadianton. Hulle organisasie was gebaseer op geheimhouding en satanistiese ede.

Gadianton het die vernietiging van die Nefitiese nasie veroorsaak, **Hel.** 2:12–13. Die duiwel het geheime ede en verbonde aan Gadianton gegee, **Hel.** 6:16–32. Geheime organisasies het die vernietiging van die Jereditiese nasie veroorsaak, **Ether** 8:15–26.

**Galásiërs, Sendbrief aan.** *Sien ook* Paulus; Sendbriewe van Paulus

′n Boek in die Nuwe Testament. Dit was aanvanklik ′n brief wat die Apostel

Paulus geskryf het aan die Heiliges wat regdeur Galasië gewoon het. Die tema van hierdie brief is dat ware vryheid slegs gevind kan word deur die evangelie van Jesus Christus te leef. Indien die Heiliges die leringe van die Joodse Christene aanvaar het wat daarop aandring om die wet van Moses na te volg, sou hulle die vryheid wat hulle in Christus gevind het, beperk of vernietig. In die sendbrief het Paulus sy eie posisie as ʼn Apostel gestel, en het die leerstelling van regverdigheid deur geloof verduidelik, en het die waarde van ʼn geestelike geloof bevestig.

In hoofstuk 1 en 2 was Paulus teleurgestel deur die nuus wat hy ontvang het van afvalligheid onder die Galásiërs en het sy opdrag aan die Apostels duidelik gemaak. Hoofstuk 3 en 4 bespreek die leer van geloof en werke. Hoofstuk 5 en 6 bevat ʼn preek oor die praktiese resultate van die leerstelling van geloof.

**Galiléa**

In die vroeëre dae en moderne tye, was dit die noordelikste distrik van Israel, wes van Jordaanrivier en die See van Galiléa. Galiléa is ongeveer sewe en negentig kilometer lank by agt en veertig kilometer breed. Vroeër het dit sommige van die beste land beslaan en die besigste dorpe in Israel bevat. Belangrike hoofweë na Damaskus, Egipte en oostelike Israel het deur Galiléa gelei. Die uitstekende klimaat en vrugbare grond het groot oeste van olywe, graan, gort en druiwe opgelewer. Visserye aan die See van Galiléa was ʼn groot bron van uitvoerhandel en rykdom. Die Saligmaker het baie van sy tyd in Galiléa deurgebring.

ʼn Groot lig sal verskyn in Galiléa, **Jes.** 9:1–3 (2 Ne. 19:1–3).

Jesus het deur die hele Galiléa rondgegaan, gepreek, onderrig en genees, **Matt.** 4:23. Nadat Jesus opgestaan het, het Hy in Galiléa verskyn, **Mark.** 14:28 (Joh. 21:1–14). Jesus se roem het deur Galiléa versprei, **Lk.** 4:14. Jesus het sy wonderwerke in Kana van Galiléa begin, **Joh.** 2:11.

*Die See van Galiléa:* Die See van Galiléa is geleë in noordelike Israel. Dit was ook die See van Kinnéret in die Ou Testament en die Meer van Gennésaret of Tibérias in die Nuwe Testament genoem. Jesus het verskeie preke daar gelewer (Matt. 13:2). Die see is peervormig, 20 kilometer lank en 12 kilometer breed op sy wydste. Dit is 207 meter benede seevlak geleë wat dikwels die omliggende lug redelik warm laat word. Koue lug wat afwaarts vloei vanaf die berge en die warm lug bokant die water ontmoet, veroorsaak dikwels skielike storms (Lk. 8:22–24).

**Gam.** *Sien ook* Noag, Bybelse Patriarg

In die Ou Testament, die derde seun van Noag (Gén. 5:32; 6:10; Moses 8:12, 27).

Noag en sy seuns en hulle gesinne het die ark binnegegaan, **Gén.** 7:13. Kanaän, Gam se seun, is vervloek, **Gén.** 9:18–25.

Gam se regering was patriargaal en was geseënd met betrekking tot die dinge van die aarde en wysheid, maar nie met betrekking tot die priesterskap nie, **Abr.** 1:21–27. Gam se vrou, Egyptus, was ʼn afstammeling van Kain; die seuns van hul dogter, Egyptus, het hul in Egipte gevestig, **Abr.** 1:23, 25 (Ps. 105:23; 106:21–22).

**Gamáliël.** *Sien ook* Fariseërs

ʼn Welbekende Fariseër in die Nuwe Testament wat die Joodse wet onderhou en onderrig het. Die Apostel Paulus was een van sy studente (Hand. 22:3). Hy was baie invloedryk in die Sanhedrin (Hand. 5:34–40).

**Gawe.** *Sien ook* Gawe van die Heilige Gees; Gawes van die Gees

God gee aan die mens baie seëninge en gawes.

Daar is baie geestelike gawes, **1 Kor.** 12:4–10. Soek ernstig na die beste gawes, **1 Kor.** 12:31. Elke volmaakte gawe kom van God, **Jak.** 1:17.

Die mag van die Heilige Gees is die gawe van God, **1 Ne.** 10:17. Diegene wat sê dat daar geen gawes is nie, ken nie die evangelie van Christus nie, **Morm.** 9:7–8. Elke goeie gawe kom van Christus, **Moro.** 10:8–18.

Die ewige lewe is die grootste van al die gawes van God, **L&V** 14:7 (1 Ne. 15:36). Gawes word gegee aan diegene wat die Here liefhet, **L&V** 46:8–11. Almal word nie elke gawe gegee nie, **L&V** 46:11–29.

**Gawe van die Heilige Gees.** *Sien ook* Gawe; Gawes van die Gees; God, Godheid; Heilige Gees

Dit is die reg van elke waardige gedoopte lid van die Kerk om die voortdurende invloed van die Heilige Gees te hê. Na 'n persoon se doop in die ware Kerk van Jesus Christus, ontvang hy die gawe van die Heilige Gees deur die oplegging van hande deur een wat die behoorlike gesag het (Hand. 8:12–25; Moro. 2; L&V 39:23). Om die gawe van die Heilige Gees te ontvang word dikwels 'n doop deur vuur genoem (Matt. 3:11; L&V 19:31).

Die mens word beveel om te bekeer, gedoop te word, en die gawe van die Heilige Gees te ontvang, **Hand.** 2:38. Petrus en Johannes het die gawe van die Heilige Gees geskenk deur die oplegging van hande, **Hand.** 8:14–22. Die Heilige Gees word gegee deur die oplegging van hande, **Hand.** 19:2–6.

Die vergifnis van sondes kom deur vuur en deur die Heilige Gees, **2 Ne.** 31:17.

Ons glo in die oplegging van hande vir die gawe van die Heilige Gees, **Gel. Art.** 1:4.

**Gawes van die Gees.** *Sien ook* Gawe

Spesiale geestelike seëninge wat deur die Here gegee word aan waardige individue tot hulle eie voordeel en vir hulle om te gebruik om andere te seën. Vir 'n beskrywing van die gawes van die Gees, bestudeer Leer en Verbonde 46:11–33; 1 Korinthiërs 12:1–12; Moroni 10:8–18.

Begeer naarstigtelik die beste gawes, **1 Kor.** 12:31 (1 Kor. 14:1).

Die Nefiete is baie gawes van die Gees gegee, **Alma** 9:21. Wee hom wat sê dat die Here nie langer werk deur die gawes of deur die mag van die Heilige Gees nie, **3 Ne.** 29:6. God gee gawes aan die getroues, **Morm.** 9:7. Gawes kom deur die Gees van Christus, **Moro.** 10:17.

Daar is baie gawes en aan elke mens word 'n gawe gegee deur die Gees, **L&V** 46:11. Aan Kerkleiers word mag gegee om die gawes van die Gees te onderskei, **L&V** 46:27. Die President van die Kerk beskik oor al die gawes wat God op die hoof van die Kerk uitstort, **L&V** 107:91–92.

**Gebed.** *Sien ook* Aanbid; Amen; Peins; Vra

'n Eerbiedige kommunikasie met God waartydens 'n persoon dank betuig en om seëninge vra. Gebede word aan ons Hemelse Vader gerig in die naam van Jesus Christus. Gebede kan óf hardop uitgespreek word óf stil wees. 'n Persoon se gedagtes mag ook 'n gebed wees as hulle tot God gerig is. 'n Lied van die regverdige mag 'n gebed wees tot God (L&V 25:12).

Die doel van gebed is nie om God se wil te verander nie, maar om vir onsself en vir andere seëninge te verkry wat God reeds gewillig is om te gee, maar waarvoor ons moet vra ten einde dit te verkry.

Ons bid tot die Vader in Christus se naam (Joh. 14:13–14; 16:23–24). Ons is waarlik in staat om in Christus se naam te bid wanneer ons wense die wense van Christus is (Joh. 15:7; L&V 46:30).

Ons vra dan vir dinge wat reg is en daarom gee God hulle aan ons (3 Ne. 18:20). Sommige gebede bly onbeantwoord omdat hulle hoegenaamd nie Christus se begeerte verteenwoordig nie, maar ontstaan eerder uit die mens se selfsugtigheid (Jak. 4:3; L&V 46:9). Inderdaad, as ons vir God onregverdige dinge vra, sal dit tot ons veroordeling keer (L&V 88:65).

Toe het hulle die Naam van die Here begin aanroep, **Gén.** 4:26. Na die plek van die altaar, daar het Abraham die Naam van die Here aangeroep, **Gén.** 13:4. Abraham se dienskneg het om hulp gebid om ′n vrou vir Isak te vind, **Gén.** 24:10–19. Dit is ver van my dat ek sou ophou om vir julle te bid, **1 Sam.** 12:23. Die gebed van die regverdiges hoor Hy, **Spr.** 15:29. Julle sal My vind, as julle na My vra met julle hele hart, **Jer.** 29:12–13.

Bid vir die wat julle beledig en vervolg, **Matt.** 5:44 (Lk. 6:28; 3 Ne. 12:44). Bid jou Vader wat in die verborgene is, **Matt.** 6:5–8 (3 Ne. 13:5–8). So moet julle dan bid, **Matt.** 6:9–13 (Lk. 11:2; 3 Ne. 13:9). Bid, en vir julle sal gegee word, **Matt.** 7:7 (3 Ne. 14:7; L&V 4:7; 6:5; 66:9). Jesus het op die berg geklim om in die eensaamheid te bid, **Matt.** 14:23. Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie, **Matt.** 26:41 (Mark. 14:38; 3 Ne. 18:15–18; L&V 31:12). Bid in die geloof, sonder om te twyfel, **Jak.** 1:5–6 (L&V 42:68; 46:7). Die vurige gebed van ′n regverdige het groot krag, **Jak.** 5:16.

Slaan ag op die Gees wat ′n mens leer om te bid, **2 Ne.** 32:8–9. Ek het tot Hom geroep in magtige gebed, **Enos** 1:4. Ek het baie dae gevas en gebid, **Alma** 5:45–46 (Alma 26:22). Hulle het hulself oorgegee aan baie gebed, en vas, **Alma** 17:3. Onthou julle wat Zenos gesê het aangaande gebed of aanbidding, **Alma** 33:3. Verootmoedig julleself en volhard in gebed tot Hom, **Alma** 34:18–27. Raadpleeg die Here in al jou dade, **Alma** 37:37. Julle moet altyd tot die Vader bid in my Naam, **3 Ne.** 18:19–20. Bid in julle gesinne, **3 Ne.** 18:21. Jesus het tot die Vader gebid, **3 Ne.** 19:31–34 (Joh. 17; 3 Ne. 18:16). Hy het hulle beveel dat hulle nie in hulle harte moet ophou bid nie, **3 Ne.** 20:1. As hy sal bid, en nie met opregte bedoeling in sy hart nie, sal dit hom niks baat nie, **Moro.** 7:6–9.

Moenie vra vir dit wat jy nie behoort te vra nie, **L&V** 8:10. Bid altyd, dat jy as oorwinnaar daarvan mag afkom, **L&V** 10:5. Ek gebied jou dat jy hardop sowel as in jou hart moet bid, **L&V** 19:28. Die Gees sal aan julle gegee word deur die gebed van geloof, **L&V** 42:14. Gaan na die huis van gebed en bring jou gewyde offerandes, **L&V** 59:9 (Matt. 21:13). Ouers moet hulle kinders leer om te bid, **L&V** 68:28. Die Here hulle God is traag om ag te slaan op hulle gebede, **L&V** 101:7–8 (Mosia 21:15). Wees jy nederig; en die Here jou God sal jou ′n antwoord gee op jou gebede, **L&V** 112:10.

Adam is gebied om God aan te roep in die naam van die Seun, **Moses** 5:8. Die Vader en die Seun het aan Joseph Smith verskyn in antwoord op sy gebed, **JS—G** 1:11–20.

**Gebed van die Here.** *Sien ook* Gebed

′n Gebed wat deur die Verlosser vir sy dissipels opgestuur is wat as ′n voorbeeld dien vir alle gebede (Matt. 6:9–13; 3 Ne. 13:9–13).

**Gebooie van God.** *Sien ook* Gebooie, Die Tien; Gehoorsaam, Gehoorsaamheid; Sonde; Wet; Woord van God

Die wette en vereistes wat God gee aan die mensdom, óf persoonlik óf gesamentlik. Deur die gebooie te onderhou, sal die gehoorsames seëninge ontvang van die Here (L&V 130:21).

Noag het alles gedoen wat God hom beveel het, **Gén.** 6:22. Wandel in my insettinge, en hou my gebooie, **Lev.** 26:3.

Onderhou my gebooie en lewe, **Spr.** 4:4 (Spr. 7:2).

As julle My liefhet, bewaar my gebooie, **Joh.** 14:15 (L&V 42:29). Wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar, **1 Joh.** 3:22. Sy gebooie is nie swaar nie, **1 Joh.** 5:3.

Wees onbeweeglik in die onderhouding van die gebooie, **1 Ne.** 2:10. Die Here gee geen gebooie behalwe dat Hy ʼn weg vir hulle sal voorberei nie, **1 Ne.** 3:7. Ek moet handel volgens die streng gebooie van God, **Jakob** 2:10. In soverre julle my gebooie sal onderhou, sal julle voorspoedig wees in die land, **Jarom** 1:9 (Alma 9:13; 50:20). Leer in jou jeug om die gebooie van God te onderhou, **Alma** 37:35.

Hierdie gebooie is van My, **L&V** 1:24. Ondersoek hierdie gebooie, **L&V** 1:37. Diegene wat nie die gebooie onderhou nie, kan nie gered word nie, **L&V** 18:46 (L&V 25:15; 56:2). My gebooie is geestelik; hulle is nie natuurlik of stoflik nie, **L&V** 29:35. Gebooie word gegee sodat ons die Here se wil mag verstaan, **L&V** 82:8.

Ek weet nie, behalwe dat die Here my beveel het, **Moses** 5:6. Die Here sal mense beproef om te sien of hulle alles sal doen wat Hy hulle beveel, **Abr.** 3:25.

**Gebooie, Die Tien.** *Sien ook* Gebooie van God; Moses

Tien wette gegee deur God deur die profeet Moses om sedelike gedrag te beheer.

Die Hebreeuse naam vir hulle is die "Tien Woorde". Hulle word ook genoem die Verbond (Deut. 9:9) of die Getuienis (Ex. 25:21; 32:15). Die gee van God se Tien Gebooie aan Moses, en deur hom aan Israel, word beskryf in Ex. 19:9–20:23; 32:15–19; 34:1. Die gebooie is gegraveer op twee tafels van klip wat in die Ark geplaas is; daarom is die Ark die Verbondsark genoem (Núm. 10:33). Die Here het Deut. 6:4–5 en Lev. 19:18 aangehaal en het die Tien Gebooie opgesom in "twee groot gebooie" (Matt. 22:37–39).

Die Tien Gebooie is herhaal in openbarings van die laaste dae (JSV, Ex. 34:1–2, 14 [Bylae]; Mosia 12:32–37; 13:12–24; L&V 42:18–28; 59:5–13).

**Geboortebeperking.** *Sien ook* Gesin; Huwelik, Trou

Om die getal kinders wat vir ʼn paartjie deur bevrugting gebore word te beperk of te verhoed.

Wees vrugbaar, en vermeerder, en vul die aarde, **Gén.** 1:28 (Moses 2:28). Kinders is ʼn erfdeel van die Here, **Ps.** 127:3–5.

Lehi se gesin moes ʼn nageslag voortbring vir die Here, **1 Ne.** 7:1.

Die huwelik is deur God ingestel vir die mens, **L&V** 49:15–17. Die verhewenes sal ʼn volheid en ʼn voortsetting van die nageslagte ontvang vir altyd en altyd, **L&V** 132:19, 63.

**Gebroke Hart.** *Sien ook* Bekeer, Bekering; Hart; Nederig, Nederigheid; Offerande; Sagmoedig, Sagmoedigheid

Om ʼn gebroke hart te hê is om nederig, verslae, bekeerd en sagmoedig te wees—dit is, ontvanklik vir die wil van God.

Ek woon by hom wat ʼn verslae en ʼn nederige gees het, **Jes.** 57:15.

Christus het Homself geoffer vir diegene wat ʼn gebroke hart en ʼn verslae gees het, **2 Ne.** 2:7. Offer aan die Here as ʼn offerande ʼn gebroke hart en ʼn verslae gees, **3 Ne.** 9:20 (L&V 59:8). Slegs diegene met gebroke harte en verslae geeste word aanvaar vir die doop, **Moro.** 6:2.

Jesus is gekruisig vir die vergifnis van sondes vir die verslae hart, **L&V** 21:9. Hy wie se gees verslae is, word aanvaar, **L&V** 52:15. Die Heilige Gees word belowe aan diegene wat verslae is, **L&V** 55:3. My gees word uitgestuur om die ootmoediges en die verslae te verlig, **L&V** 136:33.

**Gedagtes.** *Sien ook* Handelingsmag; Peins

Idees, begrippe en beelde in 'n persoon se verstand. Die krag om te dink is 'n gawe van God en ons is vry om te kies hoe ons ons krag om te dink, gebruik. Die wyse waarop ons dink, beïnvloed grootliks houdings en gedrag, asook ons posisie ná hierdie lewe. Regverdige gedagtes lei na heil; goddelose gedagtes lei na verdoemenis.

Die Here verstaan elke versinsel van die gedagtes, **1 Kron.** 28:9. Soos hy in sy siel bereken, so is hy, **Spr.** 23:7. My gedagtes is nie julle gedagtes nie, **Jes.** 55:7–9.

Jesus het hulle gedagtes geken, **Matt.** 12:25 (Lk. 5:22; 6:8). Want van binne, uit die hart van die mens, kom die slegte gedagtes, **Mark.** 7:20–23. Terwyl ons elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus, **2 Kor.** 10:5. Alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, bedink dit, **Filip.** 4:8.

Onthou, om vleeslik gesind te wees is die dood, en om geestelik gesind te wees is die ewige lewe, **2 Ne.** 9:39. As julle nie op julleself let nie, en julle gedagtes, moet julle vergaan, **Mosia** 4:30. Ons gedagtes sal ons veroordeel, **Alma** 12:14.

Net God ken die gedagtes en voornemens van jou hart, **L&V** 6:16 (L&V 33:1). Sien na My op in elke gedagte, **L&V** 6:36. Maak in julle gedagtes die woorde van die lewe bymekaar, **L&V** 84:85. Werp julle ydele gedagtes weg, **L&V** 88:69. Die gedagtes van mense se harte sal openbaar word, **L&V** 88:109. Laat deugsaamheid jou gedagtes voortdurend versier, **L&V** 121:45.

Elke mens se gedagtes was voortdurend boos, **Moses** 8:22.

**Geduld.** *Sien ook* Sagmoedig, Sagmoedigheid; Volhard

Kalme volharding; die vermoë om verdrukkinge, belediging of besering te verduur sonder klagte of wraak.

Swyg voor die Here en verwag Hom, **Ps.** 37:7–8. Die lankmoedige is groot van verstand, **Spr.** 14:29.

Deur julle volharding moet julle jul lewe in besit kry, **Lk.** 21:19. Deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte kan ons hoop hê, **Rom.** 15:4. Wees navolgers van hulle wat deur geloof en lankmoedigheid erfgename van die belofte is, **Hebr.** 6:12–15. Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees, **Jak.** 1:2–4. Julle het gehoor van die lydsaamheid van Job, **Jak.** 5:11.

Hulle het blymoedig en met geduld hulle onderwerp aan die ganse wil van die Here, **Mosia** 24:15. Jy het al hierdie dinge met geduld verduur omdat die Here met jou was, **Alma** 38:4–5.

Volhard in geduld totdat julle vervolmaak is, **L&V** 67:13.

**Gees.** *Sien ook* Dood, Fisiese; Mens die, Mense; Opstanding; Siel

Daardie deel van 'n lewende wese wat bestaan voor die sterflike geboorte wat in die fisiese liggaam woon gedurende sterflikheid en na die dood bestaan as 'n aparte wese tot die Opstanding. Alle lewende dinge—die mensdom, diere en plante—was geeste voordat enige vorm van lewe op die aarde bestaan het (Gén. 2:4–5; Moses 3:4–7). Die geestesliggaam lyk soos die fisiese liggaam (1 Ne. 11:11; Ether 3:15–16; L&V 77:2; 129). Gees is materie, maar dit is fyner of suiwerder as aardse elemente of materie (L&V 131:7).

Elke persoon is letterlik 'n seun of 'n dogter van God omdat hul gebore is as 'n gees uit Hemelse Ouers voordat hulle gebore is uit sterflike ouers op die aarde (Hebr. 12:9). Elke persoon op die aarde het 'n onsterflike geestesliggaam asook 'n liggaam van vlees en been. Soos dit somtyds gestel word in die skrifture, vorm die gees en die liggaam tesame die siel (Gén. 2:7; L&V 88:15; Moses 3:7,

9, 19; Abr. 5:7). ʼn Gees kan sonder ʼn fisiese liggaam leef, maar die fisiese liggaam kan nie sonder die gees lewe nie (Jak. 2:26). Fisiese dood is die skeiding van die gees en die liggaam. In die Opstanding word die gees herenig met dieselfde fisiese liggaam van vlees en been wat dit besit het as ʼn sterflike mens, met twee hoofverskille: hulle sal nooit weer geskei word nie en die fisiese liggaam sal onsterflik en vervolmaak wees (Alma 11:45; L&V 138:16–17).

ʼn Gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie, **Lk.** 24:39. Die gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is, **Rom.** 8:16. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees, **1 Kor.** 6:20.

Hierdie liggaam is die liggaam van my gees, **Ether** 3:16.

Die mens is gees, **L&V** 93:33. Christus het vir die regverdige geeste in die paradys gepreek, **L&V** 138:28–30 (1 Petr. 3:18–19).

Julle is in die wêreld gebore deur water en bloed en die gees, **Moses** 6:59. Hy het in die midde gestaan van hulle wat geeste was, **Abr.** 3:23.

*Bose geeste:* Jesus het baie duiwels uitgedryf, **Mark.** 1:27, 34, 39. Onreine gees, gaan uit die man uit, **Mark.** 5:2–13.

Die bose gees leer ʼn mens dat hy nie moet bid nie, **2 Ne.** 32:8. In die naam van Jesus het hy duiwels en onreine geeste uitgewerp, **3 Ne.** 7:19.

Baie valse geeste het uitgegaan en die wêreld bedrieg, **L&V** 50:2, 31–32. Joseph Smith het drie sleutels verduidelik om te bepaal of ʼn gees van God is of van die duiwel, **L&V** 129.

**Gees, Heilige.** *Sien* Heilige Gees

**Geestelike Dood.** *Sien* Dood, Geestelike

**Geestelike Gawes.** *Sien* Gawes van die Gees

**Geestesgevangenis.** *Sien* Hel

**Geesteskepping.** *Sien ook* Mens die, Mense; Skep, Skepping

Die Here het alle dinge geestelik geskape voordat Hy hulle fisies geskape het (Moses 3:5).

Die Here het elke plant gemaak voordat dit in die aarde was, **Gén.** 2:4–6 (Abr. 5:5).

Deur die krag van my Gees het Ek alle dinge geskape—eerstens geestelik, tweedens stoflik, **L&V** 29:31–32. Dit wat stoflik is, is in die ewebeeld van dit wat geestelik is, **L&V** 77:2.

Ek het die wêreld en mense gemaak voordat hulle in die vlees was, **Moses** 6:51.

**Geesteswêreld.** *Sien* Hel; Paradys; Vooraardse Lewe

**Geheime Organisasies.** *Sien ook* Gadianton-rowers; Kain

ʼn Organisasie van mense wat deur ede saamgebind is om die bose doelstellings van die groep uit te voer.

Die vader van leuens stook die kinders van mense op tot geheime organisasies, **2 Ne.** 9:9. Ek moet noodwendig die geheime werke van die duisternis vernietig, **2 Ne.** 10:15. Oordele van God het gekom oor hierdie werkers van geheime organisasies, **Alma** 37:30. Gadianton het bykans die algehele vernietiging van die volk van Nefi veroorsaak, **Hel.** 2:4–13. Satan het dit in die harte van die mense gelê om geheime ede en verbonde te sluit, **Hel.** 6:21–31. Die Here werk nie deur geheime organisasies nie, **Ether** 8:19. Nasies wat geheime organisasies ondersteun, sal vernietig word, **Ether** 8:22–23. Hulle het al die woorde van die profete verwerp vanweë hulle geheime vereniging, **Ether** 11:22.

Vanaf die dae van Kain was daar ʼn geheime organisasie, **Moses** 5:51.

**Gehoorsaam, Gehoorsaamheid.** *Sien ook* Ag slaan op; Gebooie van God; Seën, Geseënd, Seëning;

Vreugde; Wandel, Wandel met God; Wet

In ʼn geestelike sin is gehoorsaamheid om God se wil te doen.

Noag het gedoen net soos God hom beveel het, **Gén.** 6:22. Abraham het die Here gehoorsaam, **Gén.** 22:15–18. Alles wat die Here gespreek het, sal ons doen, **Ex.** 24:7. Hoor dan Israel, en onderhou dit sorgvuldig, **Deut.** 6:1–3. Jy moet die Here liefhê en na sy stem luister, **Deut.** 30:20. Om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, **1 Sam.** 15:22. Vrees God en hou sy gebooie, **Pred.** 12:13–14.

Nie elkeen sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader, **Matt.** 7:21 (3 Ne. 14:21). As iemand gewillig is om sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is, **Joh.** 7:17. Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense, **Hand.** 5:29. Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees, **Efés.** 6:1 (Kol. 3:20).

Ek sal heengaan en die dinge doen wat die Here gebied het, **1 Ne.** 3:7. Ek het die stem van die Gees gehoorsaam, **1 Ne.** 4:6–18. As die kinders van mense God se gebooie onderhou, voed Hy hulle, **1 Ne.** 17:3. Pas op dat julle nie die bose gees gehoorsaam nie, **Mosia** 2:32–33, 37 (L&V 29:45). Mense maai hulle loon volgens die gees wat hulle gekies het om te gehoorsaam, **Alma** 3:26–27.

Mense moet baie dinge doen uit hulle eie vrye wil, **L&V** 58:26–29. In niks mishaag die mens God nie, behalwe diegene wat nie sy hand erken en sy gebooie onderhou nie, **L&V** 59:21. Ek, die Here, is gebonde wanneer julle doen wat Ek sê, **L&V** 82:10. Elke siel wat my stem gehoorsaam sal my aangesig sien en weet dat Ek is, **L&V** 93:1. My volk moet gekasty word totdat hulle gehoorsaamheid leer, **L&V** 105:6. Wanneer ons enige seëning van God ontvang, is dit deur gehoorsaamheid aan daardie wet waarop dit gebaseer is, **L&V** 130:21.

Adam was gehoorsaam, **Moses** 5:5. Ons sal hulle beproef om te sien of hulle al die dinge sal doen wat die Here sal beveel, **Abr.** 3:25.

**Gelaat**

Die algemene voorkoms van ʼn persoon se gesig, wat dikwels geestelike houding en gemoedstoestand weerspieël.

Die uitdrukking van hulle gesig getuig teen hulle, **Jes.** 3:9. Die koning se gelaatskleur het verander, en sy gedagtes het hom verskrik, **Dan.** 5:6.

Sy gedaante was soos weerlig, **Matt.** 28:3. Sy aangesig was soos die son, **Openb.** 1:16.

Het julle God se beeld op julle aangesig ontvang, **Alma** 5:14, 19. Die gesigsuitdrukking van die koning het verander, **Alma** 18:12.

Vas en bid met ʼn blye hart en ʼn opgeruimde gelaat, **L&V** 59:14–15. Sy gelaat het geskyn meer as die helderheid van die son, **L&V** 110:3.

**Geld.** *Sien ook* Aalmoes, Aalmoese Gee; Rykdom; Tiende, Tiendes; Wêreldsheid

Muntstukke, papier, sertifikate of iets wat mense gebruik as betaling vir goedere of dienste. Dit is somtyds ʼn simbool van materialisme.

Julle sal sonder geld gelos word, **Jes.** 52:3.

Die Twaalf is aangesê om niks vir hulle reis saam te neem nie, geen reissak, geen brood, geen geld nie, **Mark.** 6:8. Petrus het vir Simon die towenaar gesê dat sy geld saam met hom sal vergaan, **Hand.** 8:20. Geldgierigheid is ʼn wortel van alle euwels, **1 Tim.** 6:10.

Moenie geld spandeer op dit wat geen waarde het nie, **2 Ne.** 9:50–51 (Jes. 55:1–2; 2 Ne. 26:25–27). As hulle arbei vir geld sal hulle vergaan, **2 Ne.** 26:31. Voordat julle na rykdom soek, soek die koninkryk van God, **Jakob** 2:18–19. Kerke sal sê dat julle vir julle

geld vergewe sal word van julle sondes, **Morm.** 8:32, 37.

Hy wat sy geld gee vir die saak van Sion sal geensins sy loon verloor nie, **L&V** 84:89–90.

**Geloof, Glo.** *Sien ook* Hoop; Jesus Christus; Ongeloof; Vertrou

Om geloof te hê in iemand of om iets te aanvaar as waar. ′n Mens moet bekeer en glo in Jesus Christus ten einde gered te word in die koninkryk van God (L&V 20:29).

Vertroue in iets of iemand. Soos meer dikwels gebruik word in die skrifture, is geloof sekerheid en vertroue in Jesus Christus wat ′n persoon lei om Hom te gehoorsaam. Geloof moet gewortel wees in Jesus Christus sodat dit ′n persoon kan lei na heil. Heiliges van die Laaste Dae het ook geloof in God die Vader, die Heilige Gees, priesterskapmag en ander belangrike aspekte van die herstelde evangelie. Geloof sluit in ′n hoop op dinge wat nie gesien word nie, maar wat waar is (Hebr. 11:1; Alma 32:21; Ether 12:6). Geloof begin deur die aanhoor van die evangelie wat onderrig word deur gevolmagtigde administrateurs wat gestuur is deur God (Rom. 10:14–17). Wonderwerke produseer nie geloof nie, maar sterk geloof word ontwikkel deur gehoorsaamheid aan die evangelie van Jesus Christus. Met ander woorde, geloof kom deur regverdigheid (Alma 32:40–43; Ether 12:4, 6, 12; L&V 63:9–12).

Ware geloof bring wonderwerke, visioene, drome, genesings en al die gawes van God wat Hy aan sy heiliges gee. Deur geloof verkry ′n mens vergifnis van sondes en is uiteindelik in staat om in God se teenwoordigheid te woon. ′n Gebrek aan geloof lei ′n mens na wanhoop, wat kom vanweë ongeregtigheid (Moro. 10:22).

Glo in die Here jou God; glo in sy profete, **2 Kron.** 20:20. Daniël was ongedeerd in die leeukuil omdat hy geglo het in God, **Dan.** 6:23. Die regverdige sal leef deur sy geloof, **Háb.** 2:4.

7. Laat dit vir jou wees soos jy geglo het, **Matt.** 8:13. Jou geloof het jou gered, **Matt.** 9:22 (Mark. 5:34; Lk. 7:50). Laat dit vir julle wees volgens julle geloof, **Matt.** 9:29. As julle geloof het soos ′n mosterdsaad, sal niks vir julle onmoontlik wees nie, **Matt.** 17:20 (Lk. 17:6). Alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo, **Matt.** 21:22. Moenie vrees nie, glo net, **Mark.** 5:36. Alle dinge is moontlik vir die een wat glo, **Mark.** 9:23–24. Hy wat glo en gedoop word, sal gered word, **Mark.** 16:16 (2 Ne. 2:9; 3 Ne. 11:33–35). Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie, **Lk.** 22:32. Hy wat glo in die Seun het die ewige lewe, **Joh.** 3:16, 18, 36 (Joh. 5:24; L&V 10:50). Ons het geglo en erken dat U die Christus is, **Joh.** 6:69. Wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe, **Joh.** 11:25–26. Geloof in Christus se Naam het hierdie man sterk gemaak, **Hand.** 3:16. Geloof kom deur die woord van God te hoor, **Rom.** 10:17. As Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof ook vergeefs, **1 Kor.** 15:14. Geloof werk deur liefde, **Gal.** 5:6. Want uit genade is julle gered, deur die geloof, **Efés.** 2:8 (2 Ne. 25:23). Neem die skild van die geloof op, **Efés.** 6:16 (L&V 27:17). Ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou, **2 Tim.** 4:7. Ons wat geglo het, gaan die rus in, **Hebr.** 4:3. Die geloof dan is ′n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, **Hebr.** 11:1. Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag, **Hebr.** 11:6. Die geloof, as dit geen werke het nie, is dood, **Jak.** 2:17–18, 22. Glo in Jesus Christus, en wees lief vir mekaar, **1 Joh.** 3:23.

Ek sal heengaan en die dinge doen wat die Here gebied het, **1 Ne.** 3:7. Die Here is in staat om alle dinge te doen vir die kinders van mense as hulle geloof in Hom beoefen, **1 Ne.** 7:12. Die wysers in die Liahona het gewerk volgens geloof, **1 Ne.** 16:28. Die Messias sal niemand vernietig wat in Hom glo nie,

**2 Ne.** 6:14. Bekeer, en word in sy Naam gedoop, deur ′n volmaakte geloof in die Heilige Een te hê, **2 Ne.** 9:23. Die Jode sal vervolg word totdat hulle oorreed word om in Christus te glo, **2 Ne.** 25:16. Christus bewerk magtige wonderwerke onder die kinders van mense volgens hulle geloof, **2 Ne.** 26:13 (Ether 12:12; Moro. 7:27–29, 34–38). Enos se sondes is vergewe vanweë sy geloof in Christus, **Enos** 1:3–8. Heil kom nie na so een nie behalwe as dit is deur geloof in die Here Jesus Christus, **Mosia** 3:12. As julle hierdie dinge glo, sien dat julle hulle doen, **Mosia** 4:10. Harte word verander deur geloof in sy Naam, **Mosia** 5:7. Die gebede van God se diensknegte word beantwoord volgens hulle geloof, **Mosia** 27:14. Die Seun sal die oortredings van diegene wat in sy Naam glo op Hom neem, **Alma** 11:40. Gee ons krag volgens ons geloof in Christus, **Alma** 14:26. Roep God se naam aan in geloof, **Alma** 22:16. Geseënd is hy wat glo in die woord van God sonder om gedwing te word, **Alma** 32:16. Geloof is nie om ′n volmaakte kennis te hê van dinge nie, **Alma** 32:21 (Ether 12:6). As julle niks meer kan as begeer om te glo nie, laat hierdie begeerte werk in julle, **Alma** 32:27. As dit begin om te swel, versorg dit net so deur julle geloof, **Alma** 33:23 (Alma 32:28). Hulle behoud was toe te skryf aan die wonderbaarlike mag van God vanweë hulle uitermate geloof, **Alma** 57:25–27. Soveel as wat die Seun van God aanskou in geloof, mag lewe, **Hel.** 8:15. As julle glo in Christus se naam, sal julle bekeer, **Hel.** 14:13. Diegene wat glo in Christus, glo ook in die Vader, **3 Ne.** 11:35. Ek sien dat julle geloof voldoende is sodat Ek julle kan genees, **3 Ne.** 17:8. Nooit het die mens in die Here geglo soos die broer van Jered gedoen het nie, **Ether** 3:15. Geloof is dinge waarop gehoop word en nie gesien word nie, **Ether** 12:6. Al diegene wat wonderwerke verrig het, het hulle verrig deur geloof, **Ether** 12:12–18. As hulle geloof in My het, dan sal Ek swak dinge sterk maak vir hulle, **Ether** 12:27–28, 37. Mormon het geleer van geloof, hoop en liefde, **Moro.** 7. Elke ding wat oorreed om te glo in Christus, **Moro.** 7:16–17. Watter ding julle die Vader sal vra in my Naam, wat goed is, in geloof en glo dat julle sal ontvang, sien, dit sal vir julle gedoen word, **Moro.** 7:26. Hulle wat geloof het in Christus, sal vashou aan elke goeie ding, **Moro.** 7:28. As julle sal vra, met geloof in Christus, sal Hy die waarheid openbaar, **Moro.** 10:4.

Diegene wat glo in die Here se woorde sal ′n openbaring gegee word van die Gees, **L&V** 5:16. Sonder geloof kan julle niks doen nie; vra daarom in geloof, **L&V** 8:10. Dit behoort aan hulle gegun te word volgens hulle geloof in hul gebede, **L&V** 10:47, 52. Diegene wat glo in die Here se naam sal kinders van God word, **L&V** 11:30 (Joh. 1:12). Alle mense moet volhard in geloof in sy Naam tot die einde toe, **L&V** 20:25, 29. Die Gees sal aan julle gegee word deur die gebed van geloof, **L&V** 42:14. Aan sommiges is dit gegee om in ander se woorde te glo, **L&V** 46:14. Tekens volg diegene wat glo, **L&V** 58:64 (L&V 63:7–12). Geloof kom nie deur tekens nie, maar tekens volg diegene wat glo, **L&V** 63:9–12. Ouers moet kinders geloof in Christus leer, **L&V** 68:25. Soek geleerdheid, en wel deur studie en ook deur geloof, **L&V** 88:118.

Diegene wat glo, bekeer, en gedoop word, sal die Heilige Gees ontvang, **Moses** 6:52. Geloof in die Here Jesus Christus is die eerste beginsel van die evangelie, **Gel. Art.** 1:4.

**Geloofsartikels.** *Sien ook* Pêrel van Groot Waarde; Smith, Joseph, Jr.

Dertien basiese punte van geloof waarin lede van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae glo.

Joseph Smith het hulle aanvanklik geskryf in ′n brief aan John Wentworth,

redakteur van die *Chicago Democrat,* in antwoord op sy versoek om te weet waarin lede van die Kerk glo. Die brief het bekend geword as die Wentworth-brief en is die eerste keer uitgegee in die *Times and Seasons* in Maart 1842. Op 10 Oktober 1880 is die Geloofsartikels amptelik aanvaar as skriftuur deur die stem van die lede van die Kerk en is ingesluit as deel van die Pêrel van Groot Waarde.

**Geluk, Gelukkig.** *Sien* Vreugde

**Gelykenis**

ʹn Eenvoudige verhaal wat gebruik is om ʹn geestelike waarheid of beginsel te verduidelik of te onderrig. ʹn Gelykenis vergelyk ʹn eenvoudige voorwerp of gebeurtenis met ʹn waarheid en die onderliggende betekenis of boodskap van ʹn gelykenis is dikwels verberg vir hoorders wat nie geestelik voorbereid is om dit te ontvang nie (Matt. 13:10–17).

Jesus het dikwels deur middel van gelykenisse geleer. Vir ʹn lys van sy belangrikste gelykenisse, sien Ooreenstemming van die Evangelies in die bylae.

**Genade.** *Sien ook* Barmhartig, Barmhartigheid; Heil; Jesus Christus; Versoen, Versoening

Die vermoënde krag van God wat mans en vroue toelaat om seëninge te ontvang in hierdie lewe en om die ewige lewe en verheerliking te verwerf nadat hulle geloof beoefen het, bekeer het, en hulle beste pogings aangewend het om die gebooie te onderhou. Sulke goddelike hulp of krag word gegee deur die barmhartigheid en liefde van God. Elke sterflike persoon het goddelike genade nodig vanweë Adam se Val en ook vanweë die mens se swakhede.

Genade en waarheid het deur Jesus Christus gekom, **Joh.** 1:17. Deur die genade van Christus sal ons gered word, **Hand.** 15:11 (Rom. 3:23–24; L&V 138:14). Ons het toegang deur geloof tot sy genade, **Rom.** 5:2. Deur genade is julle gered deur geloof, **Efés.** 2:8. Die genade van God bring verlossing, **Tit.** 2:11. Kom vrymoediglik na die troon van genade, **Hebr.** 4:16. God gee genade aan die nederiges, **1 Petr.** 5:5.

Geeneen kan in die teenwoordigheid van God woon, behalwe deur die verdienste, en barmhartigheid en genade van die Heilige Messias, **2 Ne.** 2:8. Dit is slegs in en deur die genade van God dat die mens gered word, **2 Ne.** 10:24. Ons word gered deur genade na alles wat ons kan doen, **2 Ne.** 25:23. Dit is deur genade dat ons mag het om hierdie dinge te doen, **Jakob** 4:7. Die mens mag herstel word tot genade op genade, volgens hulle werke, **Hel.** 12:24. My genade is voldoende vir die sagmoediges en almal wat hulleself verootmoedig, **Ether** 12:26–27. Moroni het gebid dat die nie-Jode genade gegee word, sodat hulle naasteliefde mag hê, **Ether** 12:36, 41. Deur die genade van God is julle volmaak in Christus, **Moro.** 10:32–33.

Jesus het genade op genade ontvang, **L&V** 93:12–13, 20.

**Genees, Genesings.** *Sien ook* Salf; Salwing van die Siekes

Om weer gesond te maak, beide fisies en geestelik. Die skrifture bevat baie voorbeelde van wonderbaarlike genesings deur die Here en sy diensknegte.

Ek is die Here wat jou gesond maak, **Ex.** 15:26. Naäman het sewe maal in die Jordaanrivier ondergeduik, en hy het rein geword, **2 Kon.** 5:1–14. Deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom, **Jes.** 53:5 (Mosia 14:5). Die son van geregtigheid sal opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees, **Mal.** 4:2.

Jesus het elke siekte en elke kwaal genees, **Matt.** 4:23 (Matt. 9:35). Hy het aan hulle mag gegee om elke siekte en elke kwaal te genees, **Matt.** 10:1. Hy het My gestuur om dié wat verbryseld van hart is, te genees, **Lk.** 4:18.

Hulle is genees deur die krag van die

Lam van God, **1 Ne.** 11:31. As jy glo in die verlossing van Christus, kan jy genees word, **Alma** 15:8. Hy het hulle genees, elkeen van hulle, **3 Ne.** 17:9.

Hy wat geloof in My het om genees te word, sal genees word, **L&V** 42:48. In my Naam sal hulle die siekes genees, **L&V** 84:68.

Ons glo aan die gawes van genesing, **Gel. Art.** 1:7.

**Génesis.** *Sien ook* Pentateug

Die boek van Génesis is die eerste boek van die Ou Testament en is geskrywe deur die profeet Moses. Dit gee ʼn verslag van die begin van baie dinge, soos die skepping van die aarde, die plasing van diere en die mens op die aarde, die Val van Adam en Eva, die openbaring van die evangelie aan Adam, die aanvang van stamme en rasse, die oorsprong van verskeie tale by Babel en die begin van die familie van Abraham wat gelei het tot die vestiging van die huis van Israel. Josef se aandeel as ʼn bewaarder van Israel word benadruk in Génesis.

Openbarings van die laaste dae bevestig en verhelder die kroniek van Génesis (1 Ne. 5; Ether 1; Moses 1–8; Abr. 1–5).

In die boek van Génesis vertel hoofstuk 1–4 van die skepping van die wêreld en die ontwikkeling van die gesin van Adam. Hoofstuk 5–10 vermeld die geskiedenis van Noag. Hoofstuk 11–20 vertel van Abraham en sy gesin tot en met die tyd van Isak. Hoofstuk 21–35 vervolg met die verhaal van Isak se gesin. Hoofstuk 36 vertel van Esau en sy gesin. Hoofstuk 37–50 vertel van Jakob se gesin en gee die verslag van Josef wat verkoop is na Egipte en sy aandeel om die huis van Israel te red.

**Geregtigheid.** *Sien ook* Barmhartig, Barmhartigheid; Versoen, Versoening

Die onfeilbare gevolge van seëninge vir regverdige gedagtes en handelinge, en straf vir onbekeerde sonde. Geregtigheid is ʼn ewige wet wat ʼn straf vereis elke keer wat ʼn wet van God oortree word (Alma 42:13–24). Die sondaar moet straf ondergaan as hy nie bekeer nie (Mosia 2:38–39; L&V 19:17). As hy wel bekeer, betaal die Saligmaker die prys deur die Versoening, wat barmhartigheid skenk (Alma 34:16).

Die siel wat sondig, dié moet sterwe, **Eség.** 18:4. Wat vra die Here van jou anders as om reg te doen, **Miga** 6:8.

Hy is regverdig om ons die sondes te vergewe, **1 Joh.** 1:9.

Die geregtigheid van God het die bose van die regverdiges geskei, **1 Ne.** 15:30. Die Versoening voldoen aan die eise van sy geregtigheid, **2 Ne.** 9:26. Die hele mensdom is gevalle, en hulle is in die greep van geregtigheid, **Alma** 42:14. Die versoening bevredig die eise van geregtigheid, **Alma** 42:15. Veronderstel jy dat barmhartigheid geregtigheid kan berowe, **Alma** 42:25. Die geregtigheid van God hang oor julle tensy julle bekeer, **Alma** 54:6.

Geregtigheid en oordeel is die straf wat geheg is aan my wet, **L&V** 82:4. Geregtigheid gaan sy gang en maak aanspraak op wat syne is, **L&V** 88:40. Niemand sal uitgesluit wees van die geregtigheid en wette van God nie, **L&V** 107:84.

**Gérubs**

Figure wat hemelse wesens voorstel, waarvan die presiese vorm onbekend is. Gérubs was aangestel om heilige plekke te bewaak.

Die Here het gérubs geplaas om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak, **Gén.** 3:24 (Alma 12:21–29; 42:2–3; Moses 4:31). Simboliese voorstellings van gérubs is op die versoendeksel geplaas, **Ex.** 25:18, 22 (1 Kon. 6:23–28; Hebr. 9:5). Gérubs word genoem in die visioene van Eségiël, **Eség.** 10; 11:22.

**Gerug.** *Sien ook* Kwaadsprekery; Skinder

Satan versprei gerugte en twiste—somtyds gedeeltelik gebaseer op waarheid—om mense teen God en alles wat goed is te leer (Hel. 16:22; JS—G 1:1). Een van die tekens van die Tweede Koms van Jesus Christus is dat mense sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë (Matt. 24:6; L&V 45:26; JS—M 1:23).

**Gesag.** *Sien ook* Krag; Ordineer, Ordinering; Priesterskap; Roep, Geroepe van God, Roeping; Sleutels van die Priesterskap

Die toestemming wat verleen word aan mans op aarde, geroep of geordineer om vir of namens God die Vader of Jesus Christus te handel deur God se werk te doen.

Ek het jou gestuur, **Ex.** 3:12–15. Spreek alles wat Ek jou beveel, **Ex.** 7:2.

Hy het aan die twaalf dissipels mag gegee, **Matt.** 10:1. Julle het My nie gekies nie, maar Ek het julle gekies, en julle geordineer, **Joh.** 15:16.

Nefi en Lehi het met groot gesag gespreek, **Hel.** 5:18. Nefi, die seun van Helaman, was 'n man van God, wat groot mag en gesag van God gehad het, **Hel.** 11:18 (3 Ne. 7:17). Jesus het mag en gesag gegee aan twaalf Nefiete, **3 Ne.** 12:1–2.

Joseph Smith is geroep deur God en geordineer, **L&V** 20:2. Geeneen sal my evangelie verkondig of my Kerk opbou tensy hy geordineer is en dit bekend is aan die Kerk dat hy gesag het, **L&V** 42:11. Ouderlinge moet die evangelie verkondig, deur te handel met gesag, **L&V** 68:8. Die Melgisédekse Priesterskap het die gesag om in geestelike dinge te dien, **L&V** 107:8, 18–19. Wat gedoen word deur goddelike gesag word wet, **L&V** 128:9.

Enigeen wat preek of dien namens God moet geroep word deur God deur diegene met gesag, **Gel. Art.** 1:5.

**Gesalfde Een.** *Sien ook* Jesus Christus; Messias

Jesus word die *Christus* genoem ('n Griekse woord) of die *Messias* ('n Aramese woord). Beide woorde beteken "die gesalfde". Hy is die een *gesalf* deur die Vader om die Vader se persoonlike verteenwoordiger te wees in alle dinge rakende die heil van die mensdom.

Die Here het my gesalf, **Jes.** 61:1–3.

Hy het een gesalf om die evangelie te preek, **Lk.** 4:16–22. Jesus is gesalf deur God die Vader, **Hand.** 4:27. God het Jesus van Násaret gesalf, **Hand.** 10:38.

**Gesang.** *Sien ook* Musiek; Sing

'n Lofsang aan God.

'n Gesang is deur die Twaalf Apostels gesing voordat die Here na Getsémané gegaan het, **Matt.** 26:30.

Die Here het vir Emma Smith geroep om 'n versameling van gewyde gesange te maak, **L&V** 25:11. Die lied van die regverdige is 'n gebed tot My, en dit sal beantwoord word met 'n seëning op hulle hoofde, **L&V** 25:12. Loof die Here met gesang en met musiek, **L&V** 136:28.

**Gesin.** *Sien ook* Huwelik, Trou; Kind, Kinders; Moeder; Vader, Sterflike

Soos gebruik in die skrifture, bestaan 'n gesin uit 'n man en 'n vrou, kinders en somtyds ander naasbestaandes wat in dieselfde huis woon onder een gesinshoof. 'n Gesin kan ook 'n enkelouer wees met kinders, 'n man en vrou sonder kinders, of selfs 'n enkel persoon wat alleen bly.

*Algemeen:* In jou sal al die geslagte van die aarde geseën word, **Gén.** 12:3 (Gén. 28:14; Abr. 2:11). Ek sal die God vir al die geslagte van Israel wees, **Jer.** 31:1.

Elke geslag in die hemele en op die aarde ontvang sy Naam, **Efés.** 3:14–15.

Adam en Eva het die familie van die hele aarde voortgebring, **2 Ne.** 2:20.

Jou heerlikheid sal 'n voortsetting

wees van die afstammelinge vir altyd, **L&V** 132:19. Ek sal hom krone gee van ewige lewens in die ewige wêrelde, **L&V** 132:55. Die verseëling van die kinders aan die ouers is deel van die groot werk van die volheid van die tye, **L&V** 138:48.

Man en vrou het Ek hulle geskape, en het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder, **Moses** 2:27–28. Dit is nie goed dat die mens alleen is nie, **Moses** 3:18. Adam en Eva het saam gewerk, **Moses** 5:1.

*Ouers se verantwoordelikhede:* Abraham sal sy kinders beveel, en hulle sal die weg van die Here hou, **Gén.** 18:17–19. Jy moet hierdie woorde by jou kinders inskerp, **Deut.** 6:7 (Deut. 11:19). Hy wat sy seun liefhet, tugtig hom, **Spr.** 13:24 (Spr. 23:13). Oefen die seun volgens die eis van sy weg, **Spr.** 22:6. Geniet die lewe met die vrou wat jy liefhet, **Pred.** 9:9. Al jou kinders sal deur die Here geleer wees, **Jes.** 54:13 (3 Ne. 22:13).

Maak hulle groot in die onderwysing van die Here, **Efés.** 6:1–4 (Enos 1:1). As iemand vir sy eie mense nie sorg nie, het hy die geloof verloën, **1 Tim.** 5:8.

Hy het hulle vermaan met al die gevoel van ’n liefdevolle ouer, **1 Ne.** 8:37. Ons spreek van Christus sodat ons kinders mag weet na watter bron hulle mag kyk, **2 Ne.** 25:26. Hulle mans en hulle vrouens het hul kinders lief, **Jakob** 3:7. Leer hulle om mekaar lief te hê en om mekaar te dien, **Mosia** 4:14–15. Julle sal jul gesinne verdedig tot bloedvergieting, **Alma** 43:47. Bid in julle gesinne dat julle vrouens en julle kinders geseën mag wees, **3 Ne.** 18:21.

Ouers moet die evangelie leer aan hulle kinders, **L&V** 68:25. Elke man is verplig om vir sy eie gesin te sorg, **L&V** 75:28. Alle kinders het aanspraak op hulle ouers, **L&V** 83:4. Maak julle kinders groot in lig en in waarheid, **L&V** 93:40. Bring jou eie huis in orde, **L&V** 93:43–44, 50. Priesterskapdraers behoort ander te beïnvloed net deur ongeveinsde liefde, **L&V** 121:41.

Adam en Eva het alle dinge aan hulle kinders bekendgemaak, **Moses** 5:12.

*’n Kind se verantwoordelikhede:* Eer jou vader en jou moeder, **Ex.** 20:12. My seun, luister na die tug van jou vader, **Spr.** 1:8 (Spr. 13:1; 23:22).

Jesus was onderdanig aan sy ouers, **Lk.** 2:51. Jesus het die wil van sy Vader gedoen, **Joh.** 6:38 (3 Ne. 27:13). Gehoorsaam jou ouers in die Here, **Efés.** 6:1 (Kol. 3:20).

As die kinders bekeer, sal jou gramskap afgewend word, **L&V** 98:45–48. Eva se getroue dogters het die ware en lewende God aanbid, **L&V** 138:38–39.

*Ewige gesin:* Die Leer en Verbonde sit die ewige aard van die huweliksverhouding en die gesin uiteen. Selestiale huwelik en ’n voortsetting van die gesinseenheid stel mans en vrouens in staat om gode te word (L&V 132:15–20).

**Geslagsregister.** *Sien ook* Boek van Herinnering; Doop—Doop vir die dode; Gesin; Heil; Heil vir die Dode; Ordinansies—Plaasvervangende ordinansies

’n Kroniek wat die stamboom van ’n familie naspoor. Waar priesterskapampte of sekere seëninge beperk was tot ’n sekere familie, was geslagsregisters in die skrifture baie belangrik (Gén. 5; 10; 25; 46; 1 Kron. 1–9; Esra 2:61–62; Neh. 7:63–64; Matt. 1:1–17; Lk. 3:23–38; 1 Ne. 3:1–4; 5:14–19; Jarom 1:1–2). Vandag hou lede van die herstelde Kerk aan om hulle stamboom na te spoor, gedeeltelik om afgestorwe voorouers behoorlik te identifiseer sodat hulle reddende ordinansies kan uitvoer namens hulle voorouers. Hierdie ordinansies is geldig vir daardie afgestorwe persone wat die evangelie van Jesus Christus aanvaar in die geesteswêreld (L&V 127–128).

**Gesondheid.** *Sien* Woord van Wysheid

**Getsémané.** *Sien ook* Olyfberg; Versoen, Versoening

ʼn Tuin waarvan gespreek word in die Nuwe Testament wat naby die Olyfberg is. In Aramees beteken die woord *Getsémané* "olyfpars." Jesus het na die tuin gegaan op die aand toe Judas Hom verraai het. Daar het Hy gebid en gely in Getsémané vir die sondes van die mensdom (Matt. 26:36, 39; Mark. 14:32; Joh. 18:1; Alma 21:9; L&V 19:15–19).

**Getransfigureerde Wesens**

Persone wat verander word sodat hulle nie pyn of die dood ervaar nie tot hulle opstanding tot onsterflikheid.

Henog het met God gewandel; en hy was daar nie meer nie, want God het hom weggeneem, **Gén.** 5:24 (Hebr. 11:5; L&V 107:48−49). Niemand het tot vandag toe Moses se graf geken nie, **Deut.** 34:5−6 (Alma 45:19). Elía het in die storm na die hemel opgevaar, **2 Kon.** 2:11.

As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan, **Joh.** 21:22–23 (L&V 7:1–3).

Julle sal nooit die dood smaak nie, **3 Ne.** 28:7. Sodat hulle nie die dood mag smaak nie, was daar ʼn verandering op hulle liggame bewerkstellig, **3 Ne.** 28:38 (4 Ne. 1:14; Morm. 8:10–11).

Johannes die Geliefde sal leef totdat die Here kom, **L&V** 7. Ek het die Sion van Henog in my eie boesem geneem, **L&V** 38:4 (Moses 7:21, 31, 69). Henog en sy broers is ʼn stad wat teruggehou word tot ʼn dag van regverdigheid, **L&V** 45:11–12. Elía is opgeneem na die hemel sonder om die dood te smaak, **L&V** 110:13.

Die Heilige Gees het op baie geval, en hulle is in Sion opgeneem, **Moses** 7:27.

**Getuie.** *Sien ook* Getuienis

ʼn Verklaring of ander bewys dat iets waar is. ʼn Getuie is iemand wat ʼn verklaring aflê of getuienis lewer wat op persoonlike kennis gebaseer is.

Jy mag geen valse getuienis spreek nie, **Ex.** 20:16.

Die evangelie sal verkondig word in die hele wêreld tot ʼn getuienis vir al die nasies, **Matt.** 24:14 (JS—M 1:31). Julle sal my getuies wees, **Hand.** 1:8. Die Gees self getuig saam met ons gees, **Rom.** 8:16 (1 Joh. 5:6).

Julle is gewillig om as getuies van God te staan te alle tye, **Mosia** 18:8–9. Ons gebruik van die nagmaal om aan die Vader te getuig dat ons die gebooie sal onderhou en Jesus altyd sal onthou, **3 Ne.** 18:10–11 (Moro. 4–5; L&V 20:77–79). Julle ontvang geen getuienis tot na die beproewing van jul geloof, **Ether** 12:6.

Die wet van getuienisse: in die mond van twee of drie getuies sal elke woord bevestig word, **L&V** 6:28 (Deut. 17:6; Matt. 18:16; 2 Kor. 13:1; Ether 5:4; L&V 128:3). Ek het julle geordineer om Apostels en besondere getuies van my Naam te wees, **L&V** 27:12 (L&V 107:23). Die Sewentig word geroep om besondere getuies vir die nie-Jode te wees in die hele wêreld, **L&V** 107:25. Laat daar ʼn klerk wees, en laat hom ʼn ooggetuie wees van julle dope, **L&V** 127:6 (L&V 128:2−4).

**Getuienis.** *Sien ook* Getuie; Getuig; Heilige Gees

Kennis en ʼn geestelike getuienis wat gegee is deur die Heilige Gees. ʼn Getuienis kan ook ʼn amptelike (of wettige) verklaring wees van wat ʼn persoon as die waarheid gewaar (L&V 102:26).

Ek weet: my Verlosser leef, **Job** 19:25–26.

Skaam jou dan nie oor die getuienis van onse Here nie, **2 Tim.** 1:8. Die getuienis van Jesus is die gees van die profesie, **Openb.** 19:10.

Staan as getuienis van God te alle tye, **Mosia** 18:9. Daar was geen manier om die volk te herwin anders as om met suiwere getuienis teen hulle neer te kom nie, **Alma** 4:19–20. Ek het alle dinge as

ʼn getuienis dat hierdie dinge waar is, **Alma** 30:41–44. Julle ontvang geen getuienis tot ná die beproewing van julle geloof nie, **Ether** 12:6.

Het Ek nie vrede tot julle verstand gespreek nie? Watter groter getuienis kan julle hê as van God, **L&V** 6:22–23. En nou, na die baie getuienisse wat van Hom gegee is, is dit die getuienis wat ons gee, **L&V** 76:22–24. Ek stuur julle uit om te getuig en die mense te waarsku, **L&V** 88:81–82. Die testateure is nou dood, en hulle testament is van krag, **L&V** 135:4–5.

Henog het engele gesien wat van die Vader en die Seun getuig, **Moses** 7:27. Alhoewel ek gehaat en vervolg was omdat ek gesê het dat ek ʼn visioen gesien het, tog was dit waar, **JS—G** 1:24–25.

**Getuies van die Boek van Mormon.** *Sien ook* Boek van Mormon; Getuie

Die Here het andere behalwe die Profeet Joseph Smith beveel om te getuig van die goddelikheid van die Boek van Mormon (L&V 17; 128:20). Sien die getuienisse van hierdie getuies in die "Inleiding" voor in die Boek van Mormon.

Deur die woorde van drie sal Ek my woord bevestig, **2 Ne.** 11:3. Getuies om te getuig van sy woord aan die kinders van mense, **2 Ne.** 27:12–13. In die mond van drie getuies sal hierdie dinge bevestig word, **Ether** 5:4.

Deur geloof sal die Drie Getuies die plate sien, **L&V** 17.

**Getuig.** *Sien ook* Getuienis

Om te getuig deur die mag van die Heilige Gees; om ʼn plegtige verklaring te maak van waarheid wat op persoonlike kennis of geloof gebaseer is.

Die Trooster sal van My getuig, **Joh.** 15:26. Hy het ons beveel om te verkondig en te getuig, **Hand.** 10:42.

Drie getuies sal van die waarheid getuig, **2 Ne.** 27:12. Die mag van die Heilige Gees dra dit in die harte van die kinders van mense, **2 Ne.** 33:1. Die skrifture getuig van Christus, **Jakob** 7:10–11 (Joh. 5:39). Ek getuig aan julle dat ek wel weet dat hierdie dinge waarvan ek gespreek het, waar is, **Alma** 5:45 (Alma 34:8).

Julle moet daarvan getuig deur die krag van God, **L&V** 17:3–5. Dit wat die Gees tot julle getuig, moet julle doen, **L&V** 46:7. Ek stuur julle uit om te getuig en te waarsku, **L&V** 88:81.

**Gewete.** *Sien ook* Lig, Lig van Christus

Die innerlike besef van reg of verkeerd, wat kom van die Lig van Christus in alle mense (Moro. 7:16). Ons word gebore met ʼn natuurlike vermoë om te onderskei tussen reg en verkeerd vanweë die Lig van Christus wat gegee word aan elke mens (L&V 84:46). Hierdie vermoë word die gewete genoem. Die besit daarvan maak ons verantwoordelike wesens. Soos ander vermoëns, mag ons gewetes afgestomp word deur sonde of misbruik.

Die skrifgeleerdes en Fariseërs is bestraf deur hulle eie gewetes, **Joh.** 8:9. Hulle gewetes gee ook getuienis, **Rom.** 2:14–15. Afvalliges is gebrandmerk in hul gewete, **1 Tim.** 4:2.

Die mens is voldoende onderrig dat hulle goed van kwaad kan onderskei, **2 Ne.** 2:5. Koning Benjamin het ʼn rein gewete gehad voor God, **Mosia** 2:15. Die Nefiete is vervul met vreugde, omdat hulle vrede van gewete gehad het, **Mosia** 4:3. Zeesrom was verskeur onder ʼn besef van sy eie skuld, **Alma** 14:6. Ons word vreugde of berou van gewete gegee volgens ons begeertes, **Alma** 29:5. ʼn Straf en ʼn regverdige wet bring berou van gewete, **Alma** 42:18. Die Gees van Christus word aan elke mens gegee sodat hy die goeie van die kwaad mag onderskei, **Moro.** 7:16.

Elke individu behoort die vrye uitoefening te hê van sy gewete, **L&V** 134:2.

Ek het ’n gewete vry van skuld, **L&V** 135:4.

Ons eien ons die voorreg toe om God te aanbid volgens die stem van ons eie gewete, **Gel. Art.** 1:11.

**Gídeon (Boek van Mormon)**

’n Getroue Nefitiese leier.

Was ’n sterk man en ’n vyand van Koning Noag, **Mosia** 19:4–8. Het met Koning Limhi beraadslaag, **Mosia** 20:17–22. Het ’n plan voorgestel om van Lamanitiese slawerny te ontsnap, **Mosia** 22:3–9. Is deur Nehor gedood, **Alma** 1:8–10.

**Gídeon (Ou Testament)**

’n Leier wat Israel bevry het van die Midianiete (Rigt. 6:11–40; 7–8).

**God, Godheid.** *Sien ook* Heilige Gees; Here; Jesus Christus; Vader in die Hemel

Daar is drie afsonderlike persone in die Godheid, God, die Ewige Vader; sy Seun, Jesus Christus; en die Heilige Gees. Ons glo in elkeen van Hulle (Gel. Art. 1:1). Deur openbaring in die laaste dae leer ons dat die Vader en die Seun tasbare liggame het van vlees en been en dat die Heilige Gees ’n persoon van gees is, sonder vlees en been (L&V 130:22–23). Hierdie drie persone is een in volkome harmonie van doel en leerstellings (Joh. 17:21–23; 2 Ne. 31:21; 3 Ne. 11:27, 36).

*God die Vader:* Normaalweg word daar verwys na die Vader, of Elohim deur die titel God. Hy word die Vader genoem omdat Hy die vader van ons geeste is (Núm. 16:22; 27:16; Mal. 2:10; Matt. 6:9; Efés. 4:6; Hebr. 12:9). God die Vader is die opperheerser van die heelal. Hy is almagtig (Gén. 18:14; Alma 26:35; L&V 19:1–3), alwetend (Matt. 6:8; 2 Ne. 2:24), en alom teenwoordig deur sy Gees (Ps. 139:7–12; L&V 88:7–13, 41). Die mensdom het ’n spesiale verhouding met God wat die mens afsonder van alle ander geskape dinge: mans en vroue is God se geesteskinders (Ps. 82:6; 1 Joh. 3:1–3; L&V 20:17–18).

Daar is min gevalle opgeteken waar God die Vader aan die mens verskyn of tot hom spreek. Die skrifture sê dat Hy met Adam en Eva gespreek het (Moses 4:14–31) en vir Jesus Christus op verskeie geleenthede voorgestel het (Matt. 3:17; 17:5; Joh. 12:28–29; 3 Ne. 11:3–7). Hy het aan Stéfanus verskyn (Hand. 7:55–56) en aan Joseph Smith (JS—G 1:17). Later het Hy aan beide Joseph Smith en Sidney Rigdon verskyn (L&V 76:20, 23). Aan diegene wat God liefhet en hulleself voor Hom reinig, gun God somtyds die voorreg om vir hulself te sien en te weet dat Hy God is (Matt. 5:8; 3 Ne. 12:8; L&V 76:116–118; 93:1).

My God, my God, waarom het U my verlaat, **Mark.** 15:34. Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste, **Hand.** 16:17. Ons is ook sy nageslag, **Hand.** 17:28–29.

Jy sal jou offerandes aan die Allerhoogste offer, **L&V** 59:10–12.

Henog het die geeste wat God geskape het, gesien, **Moses** 6:36. Mens van Heiligheid in sy naam, **Moses** 6:57.

*God die Seun:* Die God wat bekend staan as Jehova is die Seun, Jesus Christus (Jes. 12:2; 43:11; 49:26; 1 Kor. 10:1–4; 1 Tim. 1:1; Openb. 1:8; 2 Ne. 22:2). Jesus werk onder die leiding van die Vader en is in volkome harmonie met Hom. Die hele mensdom is sy broers en susters, want Hy is die oudste van die geesteskinders van Elohim. Sommige skriftuurverwysings verwys na Hom met die woord *God*. Byvoorbeeld, die skrifture sê dat “God die hemel en die aarde geskape het” (Gén. 1:1), maar dit was eintlik Jesus wat die Skepper was onder leiding van God die Vader (Joh. 1:1–3, 10, 14; Hebr. 1:1–2).

Die Here identifiseer homself as EK IS, **Ex.** 3:13–16. Ek is die Here [Jehova], en daar is geen Heiland buiten My nie, **Jes.** 43:11 (Jes. 45:21).

Ek is die lig van die wêreld, **Joh.** 8:12. Voordat Abraham was, is Ek, **Joh.** 8:58.

Die Here sal onder die mense dien in ′n tabernakel van klei, **Mosia** 3:5–10. Abinadi het verduidelik hoedat Christus die Vader en die Seun is, **Mosia** 15:1–4 (Ether 3:14). Die Here het aan die broer van Jered verskyn, **Ether** 3. Luister na die woorde van Christus, jou Heer en jou God, **Moro.** 8:8. Jehova is die regter van die lewende en die dode, **Moro.** 10:34.

Jesus het aan Joseph Smith en Sidney Rigdon verskyn, **L&V** 76:20, 23. Die Here Jehova het in die Kirtland Tempel verskyn, **L&V** 110:1–4.

Jehova het met Abraham gespreek, **Abr.** 1:16–19. Jesus het aan Joseph Smith verskyn, **JS—G** 1:17.

*God die Heilige Gees:* Die Heilige Gees is ook ′n God en word onder andere die Heilige Gees, die Gees, en die Gees van God genoem. Met behulp van die Heilige Gees kan die mens die wil van God die Vader weet en weet dat Jesus die Christus is (1 Kor. 12:3).

Die Heilige Gees sal julle leer wat julle moet sê, **Lk.** 12:12. Die Heilige Gees is die Trooster, **Joh.** 14:26 (Joh. 16:7–15). Jesus het gebooie aan die Apostels gegee deur die Heilige Gees, **Hand.** 1:2. Die Heilige Gees getuig van God en Christus, **Hand.** 5:29–32 (1 Kor. 12:3). Die Heilige Gees is ook ′n getuie vir ons, **Hebr.** 10:10–17.

Deur die mag van die Heilige Gees mag julle die waarheid weet van alle dinge, **Moro.** 10:5.

Die Heilige Gees is die gees van openbaring, **L&V** 8:2–3 (L&V 68:4).

**Goeie Herder.** *Sien ook* Jesus Christus

Jesus Christus is die Goeie Herder. Simbolies is sy volgelinge soos skape oor wie Jesus waak.

Die Here is my herder, **Ps.** 23:1. Hy sal sy kudde laat wei soos ′n herder, **Jes.** 40:11. So sal Ek vir my skape sorg, **Eség.** 34:12.

Ek is die goeie herder, **Joh.** 10:14–15. Jesus is daardie groot Herder van die skape, **Hebr.** 13:20.

Hy tel sy skape en hulle ken Hom, **1 Ne.** 22:25. Die goeie herder roep jou in sy Naam, wat Christus is, **Alma** 5:38, 60. Daar sal een kudde wees en een Herder, **3 Ne.** 15:21 (Joh. 10:16).

**Gog.** *Sien ook* Magog; Tweede Koms van Jesus Christus

′n Koning van Magog. Eségiël het geprofeteer dat Gog Israel sal inneem ten tye van die Here se Tweede Koms (Eség. 38–39). ′n Ander stryd, genoem die stryd van Gog en Magog, sal plaasvind aan die einde van die Millennium (Openb. 20:7–9; L&V 88:111–116).

**Gólgota.** *Sien ook* Jesus Christus; Kruisiging

*Gólgota* beteken "′n hoofskedel" in die Aramese taal. Dit is die naam van die plek waar Christus gekruisig is (Matt. 27:33; Mark. 15:22; Joh. 19:17).

**Góliat.** *Sien ook* Dawid

In die Ou Testament, ′n Filistynse reus wat die Israelitiese leër uitgedaag het. Dawid het sy uitdaging aanvaar en het hom met die Here se hulp doodgemaak (1 Sam. 17).

**Gomorra.** *Sien ook* Sodom

In die Ou Testament, ′n bose stad wat deur die Here vernietig is (Gén. 19:12–29).

**Goue Plate.** *Sien ook* Boek van Mormon; Plate

′n Kroniek wat geskryf is op goue plate. Dit vertel die verhaal van twee groot beskawings op die Amerikaanse vastelande. Joseph Smith het ′n gedeelte van hierdie plate vertaal en gepubliseer. Hierdie vertaling word genoem die Boek van Mormon. (Vir meer

inligting, sien "Inleiding" en "Die Getuienis van die Profeet Joseph Smith" in die Boek van Mormon.)

**Grade van Heerlikheid.** *Sien ook* Selestiale Heerlikheid; Telestiale Heerlikheid; Terrestriale Heerlikheid

Verskillende koninkryke in die hemel. By die Laaste Oordeel sal elke persoon ʼn ewige woonplek beërwe in ʼn spesifieke koninkryk van heerlikheid, behalwe diegene wat seuns van die Verderf is.

Jesus het gesê, In die huis van my Vader is daar baie wonings, **Joh.** 14:2 (Ether 12:32). Daar is een heerlikheid van die son, en ʼn ander van die maan, en ʼn ander van die sterre, **1 Kor.** 15:40–41. Paulus is weggeruk tot in die derde hemel, **2 Kor.** 12:2.

Daar is ʼn plek sonder heerlikheid en ewigdurende straf, **L&V** 76:30–38, 43–45. Daar is drie grade van heerlikheid, **L&V** 76:50–113; 88:20–32.

**Graf.** *Sien ook* Opstanding

Die plek waar die oorlede sterflike liggaam begrawe word. Vanweë die Versoening sal elkeen opstaan uit die graf.

Na Christus se opstanding is die grafte geopen en baie liggame het opgestaan, **Matt.** 27:52–53 (3 Ne. 23:9–13). Doderyk, waar is jou oorwinning, **1 Kor.** 15:55.

Die graf sal sy dooies oorgee, **2 Ne.** 9:11–13.

Hulle wat in die grafte geslaap het sal uitkom, **L&V** 88:97–98. ʼn Doopvont is ʼn simbool van die graf, **L&V** 128:12–13.

**Grondwet.** *Sien ook* Regering; Wet

In die Leer en Verbonde verwys "die Grondwet" na die grondwet van die Verenigde State van Amerika, wat goddelik geïnspireer is ten einde die weg te baan vir die Herstelling van die evangelie.

Die grondwet behoort ondersteun te word, **L&V** 98:5–6. Die Here het die grondwet tot stand laat kom, **L&V** 101:77, 80.

**Groot en Gruwelike Kerk.** *Sien* Duiwel—Die kerk van die duiwel

**Gruwel, Gruwelik.** *Sien ook* Sonde

In die skrifture, iets wat weersin of haat laat ontstaan in die regverdiges en reines.

Valse lippe is ʼn gruwel vir die Here, **Spr.** 12:22.

Hoogmoed is gruwelik voor die aangesig van die Here, **Jakob** 2:13–22. Die bose word oorgelewer aan ʼn visioen van hulle eie gruwels, **Mosia** 3:25. Onkuisheid is die gruwelikste van alle sondes behalwe moord en om die Heilige Gees te verloën, **Alma** 39:3–5.

Die toorn van die Here word ontstoke teen hulle gruwels, **L&V** 97:24.

**Gruwelike Kerk.** *Sien* Duiwel—Die kerk van die duiwel

**Haat.** *Sien ook* Liefde; Vyandskap; Wraak

Haat is ʼn sterk weersin teen iemand of iets.

Ek, God, besoek die misdaad van die vaders aan die kinders van die wat My haat, **Ex.** 20:5. Hierdie ses dinge haat die Here, **Spr.** 6:16. ʼn Dwase mens verag sy moeder, **Spr.** 15:20. Hy was verag en deur die mense verlaat, **Jes.** 53:3.

Doen goed aan die wat vir julle haat, **Matt.** 5:44. Óf hy sal die een haat en die ander liefhê, óf hy sal die een aanhang en die ander verag, **Matt.** 6:24. En julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam, **Matt.** 10:22. Elkeen wat kwaad doen, haat die lig, **Joh.** 3:20. Laat niemand jou jonkheid verag nie, **1 Tim.** 4:12.

Omdat hulle ryk is, verag hulle die armes, **2 Ne.** 9:30. Verag nie die

openbaringe van God nie, **Jakob** 4:8. Hulle het ʼn ewige haat teenoor ons gehad, **Jakob** 7:24.

Mense het die raadslae van God in die wind geslaan en sy woorde verag, **L&V** 3:7.

Ek is gehaat en vervolg omdat ek gesê het dat ek ʼn visioen gesien het, **JS—G** 1:25.

**Hábakuk**

ʼn Ou Testamentiese profeet in Juda wat gepraat het oor die sondigheid van die volk, moontlik gedurende die heerskappy van Jójakin (ongeveer 600 v.C.).

*Die boek van Hábakuk:* Hoofstuk 1 is ʼn gesprek tussen die Here en sy profeet, soortgelyk aan dié in Jeremia 12 en Leer en Verbonde 121. Hábakuk was verontrus dat die bose skynbaar voorspoedig is. In hoofstuk 2 het die Here vir Hábakuk aangeraai om geduldig te wees—die regverdiges moet leer om deur geloof te lewe. Hoofstuk 3 teken Hábakuk se gebed aan waarin hy God se geregtigheid erken het.

**Hagar.** *Sien ook* Abraham; Ismael, Seun van Abraham

In die Ou Testament, die Egiptiese diensmaagd van Sara. Sy het ʼn vrou van Abraham geword en die moeder van Ismael (Gén. 16; 25:12; L&V 132:34, 65). Die Here het vir Hagar belowe dat ʼn groot nasie van haar seun sou afstam (Gén. 21:9–21).

**Haggai**

ʼn Ou Testamentiese profeet wat in ongeveer 520 v.C. in Jerusalem geprofeteer het, kort nadat die Joodse volk van hulle ballingskap in Babilonië teruggekeer het (Esra 5:1; 6:14). Hy het gepraat oor die herbouing van die Here se tempel in Jerusalem en het die volk tereggewys omdat dit nog nie voltooi was nie. Hy het ook geskryf oor die millenniale tempel en die heerskappy van die Saligmaker.

*Die boek van Haggai:* In hoofstuk 1 het die Here die volk bestraf omdat hulle in hul voltooide huise gewoon het terwyl die tempel ongebou gebly het. Hoofstuk 2 teken Hággai se profesie aan dat die Here vrede sal gee in sy tempel.

**Hagot**

ʼn Nefitiese skeepsbouer in die Boek van Mormon (Alma 63:5–7).

**Hande, Oplegging van.** *Sien ook* Afsonder; Gawe van die Heilige Gees; Ordineer, Ordinering; Salwing van die Siekes

Die handeling om ʼn mens se hande op ʼn persoon se hoof te plaas as deel van ʼn priesterskapordinansie. Baie priesterskapordinansies word uitgevoer deur die oplegging van hande, soos ordeneringe, seëninge, salwing van die siekes, om Kerklede te bevestig en om die Heilige Gees te skenk.

Moses het sy hande op die hoof van Josua gelê, soos die Here hom beveel het, **Núm.** 27:18, 22–23 (Deut. 34:9).

Jesus het sy hande op ʼn paar siek mense gelê, en hulle genees, **Mark.** 6:5 (Morm. 9:24). Die Apostels het hulle hande op die sewe wat hulle wou bystaan, gelê, **Hand.** 6:5–6. Die Heilige Gees is gegee deur die oplegging van hande, **Hand.** 8:14–17. Ananías het sy hande op Saul gelê en het sy sig herstel, **Hand.** 9:12, 17–18. Paulus het sy hande op hom gelê en hom genees, **Hand.** 28:8. Paulus het die leer van die doop en die oplegging van hande geleer, **Hebr.** 6:2.

Alma het priesters en ouderlinge georden deur die oplegging van hande, **Alma** 6:1. Jesus het aan sy dissipels die mag gegee om die Heilige Gees te skenk deur die oplegging van hande, **3 Ne.** 18:36–37. Julle sal die Heilige Gees aan diegene gee op wie julle jul hande sal lê, **Moro.** 2:2.

Ouderlinge moet hulle hande op kinders lê vir ʼn seëning, **L&V** 20:70. Hulle sal die Heilige Gees ontvang deur

die oplegging van hande, **L&V** 35:6 (Gel. Art. 1:4). Ouderlinge moet hulle hande op die siekes lê, **L&V** 42:44 (L&V 66:9). Kinders moet die oplegging van hande ontvang na die doop, **L&V** 68:27. Die priesterskap word ontvang deur die oplegging van hande, **L&V** 84:6–16.

**Handelinge van die Apostels.** *Sien ook* Lukas

Hierdie boek is die tweede van 'n tweedelige werk geskryf deur Lukas aan Theófilus. Die eerste deel staan bekend as die Evangelie volgens Lukas. Hoofstuk 1–12 teken sommige van die belangrikste sendelingbedrywighede van die Twaalf Apostels onder die leiding van Petrus onmiddellik na die Saligmaker se dood en opstanding aan. Hoofstuk 13–28 skets sekere van die Apostel Paulus se reise en sendingwerk.

**Handelingsmag.** *Sien ook* Toerekenbaar, Toerekenbaarheid; Vry, Vryheid

Die vermoë en voorreg wat God gee aan mense om te kies en vir hulleself te handel.

Van elke boom mag julle vryelik eet, **Gén.** 2:16. Kies dan vir julle vandag wie julle wil dien, **Jos.** 24:15 (Alma 30:8; Moses 6:33).

Die mens kan nie vir homself handel tensy hy verlok sou wees nie, **2 Ne.** 2:15–16. Die mens is vry om vryheid en die ewige lewe te kies, of slawerny en die dood, **2 Ne.** 2:27. Julle is vry; julle word toegelaat om vir julleself te handel, **Hel.** 14:30.

'n Derde deel van die leërskare van die hemel het Hy weggekeer vanweë hulle handelingsmag, **L&V** 29:36. Dit moet noodwendig so wees dat die duiwel mense moet verlok, anders kan hulle nie 'n vrye wil hê nie, **L&V** 29:39. Laat elke mens vir homself kies, **L&V** 37:4. Elke mens mag handel volgens die morele handelingsmag wat Ek aan hom gegee het, **L&V** 101:78.

Satan het gepoog om die handelingsmag van die mens te vernietig, **Moses** 4:3. Die Here het aan die mens sy handelingsmag gegee, **Moses** 7:32.

**Hanna.** *Sien ook* Samuel, Ou Testamentiese Profeet

Die moeder van Samuel, 'n Ou Testamentiese profeet. Die Here het Samuel aan Hanna gegee in antwoord op haar gebede (1 Sam. 1:11, 20–28). Hanna het vir Samuel toegewy aan die Here. Haar lied van danksegging mag vergelyk word met dié van Maria, die moeder van Jesus (1 Sam. 2:1–10; Lk. 1:46–55).

**Harris, Martin.** *Sien ook* Getuies van die Boek van Mormon

Een van die Drie Getuies tot die goddelike oorsprong en waarheid van die Boek van Mormon. Hy het vir Joseph Smith en die Kerk finansieel gehelp. Die Here het vir Martin Harris gevra om sy besittings te verkoop en om sy fondse te gee om vir die druk van die Boek van Mormon te betaal (L&V 19:26–27, 34–35), om 'n voorbeeld te wees vir die Kerk (L&V 58:35), en om te help om die onkostes van die bediening te betaal (L&V 104:26).

Martin Harris is uit die Kerk geëkskommunikeer maar het later tot volle lidmaatskap teruggekeer. Tot aan die einde van sy lewe het hy getuig dat hy die engel Moroni gesien het asook die goue plate waarvan Joseph Smith die Boek van Mormon vertaal het.

**Hart.** *Sien ook* Gebroke Hart; Wedergebore, Gebore uit God

'n Simbool van die denke en wil van die mens en die figuurlike bron van alle emosies en gevoelens.

Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, **Deut.** 6:5 (Deut. 6:3–7; Matt. 22:37; Lk. 10:27; L&V 59:5). Die Here het vir Hom 'n man na sy hart gesoek, **1 Sam.** 13:14. Die mens sien aan

wat voor oë is, maar die Here sien die hart aan, **1 Sam.** 16:7. Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, sal staan in sy heilige plek en seën wegdra, **Ps.** 24:3–5 (2 Ne. 25:16). Soos hy in sy siel bereken, so is hy, **Spr.** 23:7. Elía sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hul vaders, **Mal.** 4:5–6 (Lk. 1:17; L&V 2:2; 110:14–15; 138:47; JS—G 1:38–39).

Geseënd is die wat rein van hart is, **Matt.** 5:8 (3 Ne. 12:8). Die mens bring die goeie of die slegte uit sy hart, **Lk.** 6:45.

Volg die Seun met volle voorneme van hart, **2 Ne.** 31:13. Is julle geestelik uit God gebore en het julle hierdie geweldige verandering ondervind in julle harte, **Alma** 5:14. Offer aan die Here ′n offerande van ′n gebroke hart en ′n verslae gees, **3 Ne.** 9:20 (3 Ne. 12:19; Ether 4:15; Moro. 6:2).

Ek sal jou in jou verstand en in jou hart vertel, deur die Heilige Gees, **L&V** 8:2.

**Hebreërs, Sendbrief aan.** *Sien ook* Paulus; Sendbriewe van Paulus

′n Boek in die Nuwe Testament. Paulus het hierdie brief aan die Joodse lede van die Kerk geskryf om hulle te oortuig dat beduidende aspekte van die wet van Moses vervul is in Christus en dat dit vervang is deur die hoër evangeliese wet van Christus. Toe Paulus aan die einde van sy derde sending na Jerusalem teruggekeer het (ongeveer 60 n.C.) het hy gevind dat baie Joodse lede van die Kerk steeds die wet van Moses onderhou het (Hand. 21:20). Dit was ten minste tien jaar na ′n konferensie van die Kerk by Jerusalem waartydens bepaal is dat sekere ordinansies van die wet van Moses nie nodig was vir die heil van nie-Joodse Christene nie. Klaarblyklik het Paulus kort daarna aan die Hebreërs geskryf om aan hulle te toon deur hulle eie skrifture en deur gesonde verstand, waarom hulle nie langer die wet van Moses moes beoefen nie.

Hoofstuk 1 en 2 verduidelik dat Jesus groter is as die engele. Hoofstuk 3–7 vergelyk Jesus met Moses en met die wet van Moses en getuig dat Hy groter is as beide. Hulle leer ook dat die Melgisédekse Priesterskap groter is as die Äároniese. Hoofstuk 8–9 beskryf hoe die Mosaïese ordinansies mense voorberei het vir Christus se bediening en hoe Christus die Middelaar is van die nuwe verbond (Alma 37:38–45; L&V 84:21–24). Hoofstuk 10 is ′n vermaning tot ywer en getrouheid. Hoofstuk 11 is ′n bespreking van geloof. Hoofstuk 12 gee vermanings en groete. Hoofstuk 13 vertel van die eerbare aard van die huwelik en die belangrikheid van gehoorsaamheid.

**Hebreeus.** *Sien ook* Israel

′n Semitiese taal wat deur die kinders van Israel gepraat is.

Hebreeus is deur die Israeliete gepraat tot hulle terugkeer uit Babiloniese slawerny, op welke tydstip Aramees die alledaagse spreektaal geword het. Gedurende Jesus se tyd was Hebreeus die taal van die geleerdes, die wet en van godsdienstige literatuur.

**Hebron**

′n Ou stad in Juda, twee en dertig kilometer suid van Jerusalem. Dit is waar Abraham en sy gesin begrawe is (Gén. 49:29–32). Dit was Dawid se hoofstad gedurende die vroeëre deel van sy heerskappy (2 Sam. 5:3–5).

**Heerlikheid.** *Sien ook* Grade van Heerlikheid; Lig, Lig van Christus; Waarheid

In die skrifture verwys heerlikheid dikwels na God se lig en waarheid. Dit mag ook na lof of eer verwys en na ′n sekere toestand van die ewige lewe of na die heerlikheid van God.

Heilig is die Here van die Leërskare.

Die hele aarde is vol van sy heerlikheid, **Jes.** 6:3 (2 Ne. 16:3).

Ons word van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, **2 Kor.** 3:18.

Hy sal my opwek om in heerlikheid by Hom te woon, **Alma** 36:28.

Die heerlikhede wat in die opstanding ontvang sal word, sal verskil volgens regverdigheid, **L&V** 76:50–119. Die heerlikheid van God is intelligensie, **L&V** 93:36.

Die heerlikheid van God is om die onsterflikheid en die ewige lewe van die mens teweeg te bring, **Moses** 1:39. Ek het twee persone gesien wie se helderheid en heerlikheid alle beskrywing te bowe gaan, **JS—G** 1:17.

**Heil.** *Sien ook* Dood, Fisiese; Dood, Geestelike; Genade; Jesus Christus; Plan van Verlossing; Verheffing; Verlos, Verlossing; Versoen, Versoening

Om van beide fisiese en geestelike dood gered te word. Alle mense sal van die fisiese dood gered word deur die genade van God, deur die dood en Opstanding van Jesus Christus. Elke individu kan ook gered word van die geestelike dood deur die genade van God, deur geloof in Jesus Christus. Hierdie geloof word geopenbaar in ′n lewe van gehoorsaamheid aan die wette en ordinansies van die evangelie en diens aan Christus.

Die Here is my lig en my heil, **Ps.** 27:1. Hy alleen is my rots en my heil, **Ps.** 62:3.

Die evangelie is ′n krag van God tot redding, **Rom.** 1:16 (L&V 68:4). Werk julle eie heil uit met vrees en bewing, **Filip.** 2:12. God het julle van die begin af verkies tot saligheid in heiligmaking, **2 Thes.** 2:13.

Heil is vry, **2 Ne.** 2:4.

Daar is geen gawe groter as die gawe van heil nie, **L&V** 6:13.

Jesus Christus is die enigste naam waardeur heil sal kom, **Moses** 6:52 (Hand. 4:10–12). Ons glo dat die hele mensdom deur die versoening van Christus gered mag word, **Gel. Art.** 1:3.

*Heil van kinders:* As julle nie soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie, **Matt.** 18:3.

Klein kindertjies het ook die ewige lewe, **Mosia** 15:25. Kinderdoop is ′n gruwel, en klein kindertjies is lewendig in Christus vanweë die Versoening, **Moro.** 8:8–24.

Klein kindertjies word verlos deur die Eniggeborene; Satan kan hulle nie versoek nie, **L&V** 29:46–47. Kinders moet die evangelie geleer word en gedoop word wanneer hulle agt jaar oud is, **L&V** 68:25–28. Klein kindertjies word geheilig deur Jesus Christus, **L&V** 74:7. Mense word weer, in hul kinderlike toestand, onskuldig, **L&V** 93:38. Alle kinders wat sterf voor die ouderdom van toerekenbaarheid, word gered in die selestiale koninkryk, **L&V** 137:10.

Kinders is rein vanaf die grondlegging van die wêreld, **Moses** 6:54.

**Heil van Kinders.** *Sien* Heil—Heil van kinders; Kind, Kinders

**Heil vir die Dode.** *Sien ook* Boek van Herinnering; Geslagsregister; Heil; Plan van Verlossing

Die geleentheid vir diegene wat gesterf het sonder om die reddende ordinansies van die evangelie te ontvang, om hierdie ordinansies te ontvang deur lewende waardige lede van die Kerk wat dit vir hulle in tempels uitvoer. Die dode word die evangelie in die geesteswêreld geleer en mag die ordinansies aanvaar wat vir hulle in die sterflikheid uitgevoer word.

Getroue lede van die Kerk doen navorsing en berei familiegeskiedenisse voor om die name en geboortedatums van voorouers vas te stel sodat die reddende ordinansies vir hulle uitgevoer kan word.

Sê vir die gevangenes: Gaan uit, **Jes.** 49:9 (Jes. 24:22; 1 Ne. 21:9). Roep 'n vrylating vir die gevangenes uit, **Jes.** 61:1 (Lk. 4:18). Hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, **Mal.** 4:5–6 (3 Ne. 25:5–6; L&V 110:13–16).

Die dode sal die stem van die Seun van God hoor, **Joh.** 5:25. Anders, wat sal hulle doen wat hulle vir die dode laat doop, **1 Kor.** 15:29. Christus het vir die geeste in die gevangenis gepreek, **1 Petr.** 3:18–20. Daarom is ook aan die dode die evangelie verkondig, **1 Petr.** 4:6.

Die Seun het die geeste in die gevangenis besoek, **L&V** 76:73. Dan kom die verlossing van diegene wat hulle deel in daardie gevangenis ontvang het, **L&V** 88:99. 'n Doopvont is nie op die aarde sodat my Heiliges gedoop kan word vir diegene wat dood is nie, **L&V** 124:29. Al diegene wat gesterf het wat die evangelie sou aangeneem het, sal erfgename wees van die selestiale koninkryk, **L&V** 137:7–10. Die Seun van God het verskyn om vryheid te verklaar aan die gevangenes wat getrou was, **L&V** 138:18.

Al die geeste wat in die gevangenis was, het uitgekom, **Moses** 7:57.

**Heilig.** *Sien ook* Heiligheid; Heiligmaking; Suiwer, Suiwerheid

Gewyd, wat 'n goddelike karakter het of geestelik en sedelik rein is. Die teenoorgestelde van heilig is platvloers of onheilig.

Julle sal vir my 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees, **Ex.** 19:5–6 (1 Petr. 2:9). Die Here het Israel beveel: Wees Heilig, want Ek is heilig, **Lev.** 11:44–45. Hy wat rein van hande en suiwer van hart is mag klim op die berg van die Here, **Ps.** 24:3–4. Hulle moet my volk die onderskeid leer tussen wat heilig en onheilig is, **Eség.** 44:23.

Hy het ons geroep met 'n heilige roeping, **2 Tim.** 1:8–9. En dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken, **2 Tim.** 3:15. Deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek, **2 Petr.** 1:21.

Alle mense word deur Hom geoordeel volgens die waarheid en heiligheid wat in Hom is, **2 Ne.** 2:10. Die natuurlike mens word 'n Heilige deur die versoening van Christus, **Mosia** 3:19. Wandel volgens die heilige orde van God, **Alma** 7:22 (Alma 13:11–12). Drie dissipels is geheilig in die vlees en heilig gemaak, **3 Ne.** 28:1–9, 36–39.

Moenie met heilige dinge spot nie, **L&V** 6:12. Jy kan nie dit skrywe wat heilig is, tensy dit aan jou gegee word van My, **L&V** 9:9. Julle moet julself verbind om in heiligheid te handel, **L&V** 43:9. My dissipels sal in heilige plekke staan, **L&V** 45:32. Dit wat van bo af kom, is heilig, **L&V** 63:64. Klein kindertjies is heilig, **L&V** 74:7. Wy daardie plek en dit sal heilig gemaak word, **L&V** 124:44.

Die Here sal sy uitverkorenes versamel na 'n heilige stad, **Moses** 7:62.

**Heilige.** *Sien ook* Christene; Kerk van Jesus Christus; Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, Die

'n Getroue lid van die Kerk van Jesus Christus.

Versamel die wat aan My getrou is, **Ps.** 50:5.

Saulus het baie kwaad gedoen aan die heiliges in Jerusalem, **Hand.** 9:1–21. Petrus het ook gekom by die heiliges wat in Lidda woon, **Hand.** 9:32. Geroepe heiliges wat in Rome is: Genade vir julle en vrede van God onse Vader, **Rom.** 1:7. Julle is medeburgers van die heiliges, **Efés.** 2:19–21.

Ek het die Kerk van die Lam gesien, wat die Heiliges van God was, **1 Ne.** 14:12. Die natuurlike mens is 'n vyand van God tensy hy 'n heilige word deur die versoening van Christus, **Mosia** 3:19.

Ek, die Here, het die land geseën vir die gebruik van my Heiliges, **L&V** 61:17. Satan maak oorlog teen die Heiliges van

God, **L&V** 76:28–29. Arbei ywerig om die Heiliges voor te berei vir die oordeel wat moet kom, **L&V** 88:84–85. Heiliges moet van hulle besittings deel met die armes en verdruktes, **L&V** 105:3. Die bogenoemde ampte het ek gegee vir die werk van die bediening en die vervolmaking van my Heiliges, **L&V** 124:143 (Efés. 4:12).

**Heilige Een van Israel.** *Sien* Jesus Christus

**Heilige Gees.** *Sien ook* Doop; Duif, Teken van die; Gawe van die Heilige Gees; God, Godheid; Heilige Gees van Belofte; Inspirasie, Inspireer; Onvergeeflike Sonde; Openbaring; Trooster

Die derde lid van die Godheid (1 Joh. 5:7; L&V 20:28). Hy is ′n persoon van Gees wat nie ′n liggaam van vlees en been het nie (L&V 130:22). Daar word dikwels na die Heilige Gees verwys as die Gees, of die Gees van God.

Die Heilige Gees vervul verskeie lewensbelangrike rolle in die heilsplan. (1) Hy getuig van die Vader en die Seun (1 Kor. 12:3; 3 Ne. 28:11; Ether 12:41). (2) Hy openbaar die waarheid van alle dinge (Joh. 14:26; 16:13; Moro. 10:5; L&V 39:6). (3) Hy reinig diegene wat bekeer het en gedoop word (Joh. 3:5; 3 Ne. 27:20; Moses 6:64–68). (4) Hy is die Heilige Gees van Belofte (L&V 76:50–53; 132:7, 18–19, 26).

Die mag van die Heilige Gees kan voor die doop oor ′n persoon kom en getuig dat die evangelie waar is. Maar die reg om die voortdurende metgeselskap van die Heilige Gees te hê, wanneer ′n mens waardig is, is ′n gawe wat slegs ontvang kan word deur die oplegging van hande deur ′n draer van die Melgisédekse Priesterskap na ′n gevolmagtigde doop in die ware Kerk van Jesus Christus.

Jesus het geleer dat alle sondes vergewe kan word behalwe lastering teen die Heilige Gees (Matt. 12:31–32; Mark. 3:28–29; Lk. 12:10; Hebr. 6:4–8; L&V 76:34–35).

Die Gees laat ′n mens wandel in God se insettinge, **Eség.** 36:27.

Die Apostels is opdrag gegee om te doop in die naam van die Vader, Seun en die Heilige Gees, **Matt.** 28:19. Die Heilige Gees sal julle alles leer, **Joh.** 14:26. Heilige mense van God het gespreek soos hulle deur die Heilige Gees gedrywe is, **2 Petr.** 1:21.

Nefi is gelei deur die Gees, **1 Ne.** 4:6. Die verborgenhede van God sal aan hulle ontvou deur die mag van die Heilige Gees, **1 Ne.** 10:17–19. Die Heilige Gees toon alle dinge wat julle moet doen, **2 Ne.** 32:5. Deur die mag van die Heilige Gees mag julle die waarheid van alle dinge weet, **Moro.** 10:5.

Die Heilige Gees sal jou in jou verstand en in jou hart vertel, **L&V** 8:2. Die Gees lei om goed te doen, **L&V** 11:12. Die Heilige Gees weet alle dinge, **L&V** 35:19. Die Heilige Gees leer die vreedsame dinge van die koninkryk, **L&V** 36:2 (L&V 39:6). As julle nie die Gees ontvang nie, sal julle nie onderrig nie, **L&V** 42:14. Die Heilige Gees getuig van die Vader en die Seun, **L&V** 42:17 (1 Kor. 12:3; 3 Ne. 11:32, 35–36). Aan sommige word dit gegee deur die Heilige Gees om te weet dat Jesus Christus die Seun van God is, **L&V** 46:13. Wat hulle ook al sal spreek wanneer hulle beweeg word deur die Heilige Gees, sal skriftuur wees, **L&V** 68:4. Die Heilige Gees sal uitgestort word om te getuig van alle dinge wat julle sal sê, **L&V** 100:8. Die Heilige Gees sal jou voortdurende metgesel wees, **L&V** 121:45–46.

**Heilige Gees van Belofte.** *Sien ook* Heilige Gees

Die Heilige Gees is die Heilige Gees van Belofte (Hand. 2:33). Hy bevestig die regverdige handelinge, ordinansies, en verbonde van mense as aanvaarbaar vir God. Die Heilige Gees van Belofte

getuig aan die Vader dat die reddende ordinansies behoorlik uitgevoer is en dat die verbonde wat met hulle verband hou, nagekom is.

Hulle wat verseël is deur die Heilige Gees van Belofte, ontvang alles wat die Vader het, **L&V** 76:51–60 (Efés. 1:13–14). Alle verbonde en handelinge moet verseël word deur die Heilige Gees van Belofte om van krag te wees na hierdie lewe, **L&V** 132:7, 18–19, 26.

**Heilige Woud.** *Sien* Eerste Visioen

**Heiligheid.** *Sien ook* Heilig; Heiligmaking; Suiwer, Suiwerheid

Geestelike en sedelike volmaaktheid. Heiligheid dui reinheid van ′n persoon se hart en bedoelings aan.

Die lede moet laat blyk dat hulle waardig is van die Kerk deur in heiligheid te wandel voor die Here, **L&V** 20:69. Die Here se huis is ′n plek van heiligheid, **L&V** 109:13.

Man van Heiligheid is een van God se name, **Moses** 6:57 (Moses 7:35).

**Heiligmaking.** *Sien ook* Jesus Christus; Regverdigmaking, Regverdig; Versoen, Versoening

Die proses om vry te word van sonde, rein, skoon en heilig deur die Versoening van Jesus Christus (Moses 6:59–60).

God het julle verkies tot heil in heiligmaking van die Gees, **2 Thes.** 2:13. Ons is geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, **Hebr.** 10:10. Jesus het gely om sy volk deur sy eie bloed te heilig, **Hebr.** 13:12.

Hoëpriesters is geheilig en hulle gewaad is wit gewas deur die bloed van die Lam, **Alma** 13:10–12. Heiligmaking kom na diegene wat hulle harte oorgee aan God, **Hel.** 3:33–35. Bekeer dat julle geheilig mag word deur die ontvangs van die Heilige Gees, **3 Ne.** 27:20.

Heiligmaking deur die genade van Jesus Christus is juis en waar, **L&V** 20:31. Jesus het gekom om die wêreld te heilig, **L&V** 76:41. Heilig julleself dat julle verstand alleenlik op God gerig mag word, **L&V** 88:68.

**Heilsplan.** *Sien* Plan van Verlossing

**Hel.** *Sien ook* Dood, Geestelike; Duiwel; Seuns van die Verderf; Verdoemenis

Openbarings van die laaste dae heg ten minste twee betekenisse aan die woord hel. Eerstens is dit die tydelike verblyfplek in die geesteswêreld vir diegene wat ongehoorsaam was in die sterflike lewe. In hierdie sin het hel ′n einde. Die geeste daar sal die evangelie geleer word en een of ander tyd na hulle bekering sal hulle opstaan na ′n graad van heerlikheid waarvoor hulle waardig is. Diegene wat nie wil bekeer nie, maar wat nogtans nie seuns van die verdoemenis is nie, sal in die hel bly gedurende die Millennium. Na hierdie duisend jaar van pyniging sal hulle opstaan na ′n telestiale heerlikheid (L&V 76:81–86; 88:100–101).

Tweedens is dit die permanente verblyfplek van diegene wat nie verlos is deur die Versoening van Jesus Christus nie. In hierdie sin is hel permanent. Dit is vir diegene wat steeds vieslik gevind word (L&V 88:35, 102). Dit is die plek waar Satan, sy engele, en die seuns van die verdoemenis—diegene wat die Seun verloën het nadat die Vader Hom geopenbaar het, vir ewig sal woon (L&V 76:43–46).

Die skrifture verwys somtyds na die hel as die buitenste duisternis.

Dawid se siel sal nie in die doderyk gelaat word nie, **Ps.** 16:10 (Ps. 86:13).

Gaan in die hel, in daardie vuur wat nooit geblus sal word nie, **Mark.** 9:43 (Mosia 2:38). Die ryk man in die doderyk hef sy oë op terwyl hy in smarte is, **Lk.** 16:22–23 (L&V 104:18). Die dood en die doderyk het die dode gegee, **Openb.** 20:13.

Daar is ’n plek berei, ja wel daardie verskriklike hel, **1 Ne.** 15:35. Die wil van die vlees gee aan die gees van die duiwel mag om ons af te bring na die hel, **2 Ne.** 2:29. Christus het die weg berei vir ons uitlewering van die dood en hel, **2 Ne.** 9:10–12. Diegene wat vieslik is gaan na ewigdurende pyniging, **2 Ne.** 9:16. Die duiwel bedrieg hulle siele en lei hulle versigtig af hel toe, **2 Ne.** 28:21. Jesus het my siel van die hel verlos, **2 Ne.** 33:6. Maak julleself los van die pyniginge van die hel, **Jakob** 3:11. Om gevange geneem te word deur die duiwel en deur sy wil gelei te word na vernietiging, is die kettings van die hel, **Alma** 12:11. Die bose word in die buitenste duisternis gewerp tot die tyd van hulle opstanding, **Alma** 40:13–14. Die vieslikes sal ellendiger wees om by God te woon as om in die hel te woon, **Morm.** 9:4.

Die straf wat deur my hand uitgemeet word, is eindelose straf, **L&V** 19:10–12. Hel is ’n plek wat berei is vir die duiwel en sy engele, **L&V** 29:37–38. Diegene wat God erken, word verlos van die dood en die kettings van die hel, **L&V** 138:23.

**Helaman, Seun van Alma.**
*Sien ook* Alma, Seun van Alma; Anti-Nefi-Lehi’s; Helaman, Seuns van

In die Boek van Mormon, die oudste seun van Alma, seun van Alma (Alma 31:7). Helaman was ’n profeet en ’n militêre leier.

Alma het aan sy seun, Helaman, die kronieke van sy volk toevertrou asook die plate van die Jerediete, **Alma** 37:1–2, 21. Alma het vir Helaman beveel om voort te gaan en die geskiedenis van sy volk te skryf, **Alma** 45–62. Helaman het die Kerk hervestig, **Alma** 45:22–23. Tweeduisend jong Ammonitiese krygsmanne wou hê dat Helaman hulle leier moes wees, **Alma** 53:19, 22. Helaman en sy jong Ammoniete het geveg teen die Lamaniete en is bewaar deur geloof, **Alma** 57:19–27.

**Helaman, Seun van Helaman**

’n Profeet en kroniekskrywer in die Boek van Mormon wat die Nefitiese volk geleer het. Hy was die kleinseun van Alma die Jongere en vader van dié Nefi wat mag gegee is oor al die elemente. Saam met sy seun, Nefi, het Helaman die boek van Helaman geskryf.

*Die boek van Helaman:* Hoofstukke 1–2 beskryf ’n tyd van groot politieke opruiery. Hoofstukke 3–4 teken aan dat Helaman en Moroniha, hoofkaptein van die Nefitiese leërs, uiteindelik in staat was om vir ’n tyd vrede te bereik. Nogtans, ten spyte van die leierskap van hierdie goeie manne het die volk stelselmatig goddeloser geword. In Helaman 5:1–6:14 het Nefi die regterstoel prysgegee soos sy grootvader, Alma, gedoen het om die volk te leer. Vir ’n tyd lank het die mense bekeer. In Helaman 6:15–12:26 het die Nefitiese nasie egter goddeloos geword. Die finale hoofstukke, 13–16, bevat die buitengewone verslag van ’n profeet genoem Samuel, die Lamaniet, wat die geboorte en Kruisiging van die Saligmaker voorspel het, en die tekens wat daardie gebeurtenisse sou kenmerk.

**Helaman, Seun van Koning Benjamin.** *Sien ook* Benjamin, Vader van Mosia

In die Boek van Mormon, een van die seuns van Koning Benjamin (Mosia 1:2–8).

**Helaman, Seuns van.** *Sien ook* Anti-Nefi-Lehi’s; Helaman, Seun van Alma

In die Boek van Mormon, seuns van bekeerde Lamaniete, bekend as Ammoniete, wat krygsmanne geword het onder Helaman se bevel (Alma 53:16–22).

Helaman het hulle waardig geag om sy seuns genoem te word, **Alma** 56:10.

Hulle moeders het hulle geleer om nie die Here se vermoë om hulle te verlos te betwyfel nie, **Alma** 56:47. Hulle het die Lamaniete verslaan en is bewaar deur hulle geloof sodat niemand gedood is nie, **Alma** 56:52–54, 56; 57:26.

**Hemel.** *Sien ook* Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel; Paradys; Selestiale Heerlikheid

Die term *hemel* het twee basiese betekenisse in die skrifture (1) Dit is die plek waar God woon en die toekomstige woning van die Heiliges (Gén. 28:12; Ps. 11:4; Matt. 6:9). (2) Dit is die uitspansel rondom die aarde (Gén. 1:1, 17; Ex. 24:10). Die hemel is duidelik nie die *paradys* nie, wat die tydelike plek is vir die getroue geeste van diegene wat op hierdie aarde geleef en gesterf het. Jesus het die paradys besoek na sy dood op die kruis, maar op die derde dag het Hy vir Maria ingelig dat Hy nog nie na die Vader gegaan het nie (Lk. 23:39–44; Joh. 20:17; L&V 138:11–37).

Ek aanskou u hemel, die werk van u vingers, **Ps.** 8:4. Deur die woord van die Here is die hemele gemaak, **Ps.** 33:6. Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad, **Jes.** 14:12 (2 Ne. 24:12). Die hemel word inmekaar gerol soos 'n boek, **Jes.** 34:4. Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, **Jes.** 65:17. God sal die vensters van die hemel oopmaak, **Mal.** 3:10.

Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word, **Matt.** 6:9 (3 Ne. 13:9). Paulus is tot in die derde hemel weggeruk, **2 Kor.** 12:2. Daar was stilte in die hemel, **Openb.** 8:1 (L&V 88:95–98).

As hulle getrou bly tot die einde word hulle in die hemel ontvang, **Mosia** 2:41. Julle mag die kinders wees van julle Vader wat in die hemel is, **3 Ne.** 12:45.

Ek sal in die wolke van die hemel kom, **L&V** 45:16. Elía is na die hemel geneem sonder om die dood te smaak, **L&V** 110:13. Die pligte van die priesterskap is verbind met die magte van die hemel, **L&V** 121:36. Daar is twee soorte wesens in die hemel, **L&V** 129:1.

Sion is opgeneem in die hemel, **Moses** 7:23.

**Hemelse Vader.** *Sien* God, Godheid; Vader in die Hemel

**Hemelvaart.** *Sien ook* Jesus Christus; Tweede Koms van Jesus Christus

Die formele vertrek van die Saligmaker van die aarde, veertig dae na sy Opstanding. Die Hemelvaart het plaasgevind vanaf 'n punt op die Olyfberg in die teenwoordigheid van die dissipels (Mark. 16:19; Lk. 24:51). Tydens daardie geleentheid het twee engele uit die hemel getuig dat die Here in die toekoms "net so" sal terugkeer (Hand. 1:9–12).

**Henog.** *Sien ook* Sion

'n Profeet wat die mense van die stad Sion gelei het. Sy bediening is bespreek in beide die Ou Testament en die Pêrel van Groot Waarde. Hy was die sewende patriarg na Adam. Hy was die seun van Jered en die vader van Metúsalag (Gén. 5:18–24; Lk. 3:37).

Henog was 'n besonderse persoon en het 'n beduidender bediening gehad as wat die Bybel se verslag oor hom aandui. Die Bybel dui aan dat hy getransformeer is (Hebr. 11:5) maar gee geen besonderhede van sy bediening nie. Judas 1:14 bevat 'n aanhaling van 'n profesie wat hy gemaak het. Openbarings van die laaste dae verduidelik baie meer oor Henog, veral van sy prediking, sy stad genoem Sion, sy visioene, en sy profesieë (L&V 107:48–57; Moses 6–7). Sion is na die hemel geneem vanweë die regverdigheid van diegene wat daarin gewoon het (Moses 7:69).

God het homself aan Henog geopenbaar, **Moses** 6:26–37. Henog het die evangelie onderrig, **Moses** 6:37–68. Henog het die volk geleer en Sion

gevestig, **Moses** 7:1–21. Henog het alle dinge gesien, selfs tot die einde van die wêreld, **Moses** 7:23–68.

**Herder.** *Sien ook* Goeie Herder; Jesus Christus

Simbolies is dit 'n persoon wat sorg vir die Here se kinders.

Die Here is my herder, **Ps.** 23:1. Herders moet die skape laat wei, **Eség.** 34:2–3.

**Here.** *Sien ook* God, Godheid; Jesus Christus

'n Titel van diepe respek en eer vir God die Vader en die Saligmaker Jesus Christus. Die titel verwys na hulle status as allerhoogste, liefdevolle meesters oor hulle skeppinge.

Niks is vir die Here te wonderbaar nie, **Gén.** 18:14. Die Here het met Moses gespreek van aangesig tot aangesig, **Ex.** 33:11. Jy moet die Here jou God liefhê, **Deut.** 6:5 (Matt. 22:37; Mark. 12:30). Ek en my huis, ons sal die Here dien, **Jos.** 24:15. Die Here is my herder, **Ps.** 23:1. Die Here is sterk en geweldig in die stryd, **Ps.** 24:8. Die Here Jehova is my krag, **Jes.** 12:2 (2 Ne. 22:2). Ek die Here is jou Heiland en jou Losser, **Jes.** 60:16.

Die Here jou God moet jy aanbid, **Matt.** 4:10 (Lk. 4:8). Watter groot dinge het die Here gedoen, **Mark.** 5:19. Daar is een Here Jesus Christus, **1 Kor.** 8:6. Daar is een Here, een geloof, een doop, **Efés.** 4:5. Die Here self sal van die hemel neerdaal, **1 Thes.** 4:16.

Ek sal heengaan en die dinge doen wat die Here gebied het, **1 Ne.** 3:7. Die Here sal die armes met regverdigheid oordeel, **2 Ne.** 30:9. Die Here God, die God van Abraham, het die Israeliete uit knegskap verlos, **Alma** 29:11. Niks kan die volk red nie behalwe bekering en geloof in die Here, **Hel.** 13:6 (Mosia 3:12).

Slaan ag op die woorde van Jesus Christus, jou Here, **L&V** 15:1. Soek altyd die aangesig van die Here, **L&V** 101:38. Die Here se gewaad sal rooi wees by die Tweede Koms, **L&V** 133:48 (Jes. 63:1–4).

Abraham het met die Here gespreek van aangesig tot aangesig, **Abr.** 3:11. Ons glo dat die eerste beginsel van die evangelie geloof in die Here Jesus Christus is, **Gel. Art.** 1:4.

**Here van die Leërskare.** *Sien ook* Jesus Christus

'n Ander naam vir Jesus Christus. Hy heers oor die leërskare van die hemel en aarde en lei die regverdiges teen goddeloosheid (L&V 29:9; 121:23).

Die Here van die Leërskare is die Erekoning, **Ps.** 24:10.

Die God van Israel is die Here van die Leërskare, **1 Ne.** 20:2.

My Gees sal nie altyd met die mens werk nie, sê die Here van die Leërskare, **L&V** 1:33.

**Herodes**

'n Familie van heersers in Judéa om en by die tyd van Jesus Christus. Hulle was belangrike mense in baie Nuwe Testamentiese gebeurtenisse. Die familie is deur Herodes die Grote gevestig, wat bevrees was ten tyde van die geboorte van die Saligmaker (Matt. 2:3) en het die bevel gegee vir die massamoord van die babas in Betlehem. Sy seuns het ingesluit Aristobulus; Heródias Filippus (Matt. 14:3; Mark. 6:17); Herodes Ántipas, die viervors (Matt. 14:1; Lk. 9:7; ook bekend as Koning Herodes, Mark. 6:14); Archeläüs (Matt. 2:22); en Filippus, viervors van Ituréa (Lk. 3:1). Herodes Agríppa I (Hand. 12:1–23) en sy suster Heródias (Matt. 14:3; Mark. 6:17) was die kinders van Aristobulus. Herodes Agríppa I het verskeie kinders gehad wat ook in die Nuwe Testament genoem word, insluitend Herodes Agríppa II (Hand. 25:13), Berníce (Hand. 25:13), en Drusílla, vrou van Felix (Hand. 24:24).

**Heródias**

Suster van Herodes Agríppa in die Nuwe Testament. Sy was getroud met haar oom, Herodes Filippus, by wie sy ′n dogter, Salóme, gehad het. Sy en Salóme het saamgesweer om vir Johannes die Doper te laat onthoof (Matt. 14:3–11).

**Herstelling van die Evangelie.** *Sien ook* Afval; Evangelie; Smith, Joseph, Jr.; Tydvak

God se hervestiging van die waarhede en ordinansies van sy evangelie onder die mense op aarde. Die evangelie van Jesus Christus het verlore gegaan van die aarde deur die afval wat plaasgevind het wat gevolg het op die aardse bediening van Christus se Apostels. Daardie afval het die Herstelling van die evangelie noodsaaklik gemaak. Deur visoene, die bediening van engele en openbarings aan mense op die aarde, het God die evangelie herstel. Die herstelling het begin met die Profeet Joseph Smith (JS—G 1; L&V 128:20–21) en het voortgegaan tot op hede deur die werk van die Here se lewende profete.

Die berg van die huis van die Here sal vasstaan op die top van die berge, **Jes.** 2:2 (Miga 4:2; 2 Ne. 12:2). God sal wonderlik en wonderbaarlik handel, **Jes.** 29:14 (2 Ne. 25:17–18; L&V 4:1). God sal ′n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, **Dan.** 2:44.

Elías kom eers en sal alles herstel, **Matt.** 17:11 (Mark. 9:12; L&V 77:14). Daar sal tye kom vir die wederoprigting van alle dinge, **Hand.** 3:21 (L&V 27:6). In die volheid van tye sal alle dinge wat in die hemele sowel as op die aarde is, onder een hoof verenig, **Efés.** 1:10. En ek het ′n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met ′n ewigdurende evangelie om te verkondig, **Openb.** 14:6.

Die volheid van die evangelie sal kom na die nie-Jode, **1 Ne.** 15:13–18. Die Jode sal herstel word tot die ware Kerk, **2 Ne.** 9:2. Op die laaste dag sal die waarheid kom, **3 Ne.** 16:7.

Aan julle skenk ek die Priesterskap van Aäron, **L&V** 13 (JS—G 1:69). Ek het die sleutels van die koninkryk vir die laaste keer toevertrou, **L&V** 27:6, 13–14 (L&V 128:19–21). Maak die stamme van Israel bymekaar en herstel alle dinge, **L&V** 77:9. Die sleutels van hierdie tydvak word toevertrou, **L&V** 110:16 (L&V 65:2). Die priesterskap word gegee in die tydvak van die volheid van tye, **L&V** 112:30.

Ek het twee Persone gesien, **JS—G** 1:17. Ek sal aan jou die priesterskap deur die hand van Elía openbaar, **JS—G** 1:38 (Mal. 4:5–6).

**Herstelling, Wederoprigting.** *Sien ook* Herstelling van die Evangelie

Die teruggawe van ′n ding of terugkeer na ′n toestand wat weggeneem is of verlore gegaan het.

Die gees en die liggaam sal herenig word in sy volmaakte vorm, **Alma** 11:43–44. Herstelling is om boos tot boos terug te bring, regverdigheid vir regverdigheid, **Alma** 41:10–15.

Ons glo in die herstelling van die Tien Stamme en dat die aarde hernuwe sal word en sy paradysheerlikheid ontvang, **Gel. Art.** 1:10 (L&V 133:23–24).

**Himni.** *Sien ook* Mosia, Seun van Benjamin; Mosia, Seuns van

In die Boek van Mormon, ′n seun van Koning Mosia. Himni het saam met sy broers gegaan om vir die Lamaniete te preek (Mosia 27:8–11, 34–37; 28:1–9).

**Hiskía**

′n Regverdige koning van die nasie van Juda in die Ou Testament. Hy het vir nege en twintig jaar geheers, gedurende die tyd toe Jesaja die profeet in Juda was (2 Kon. 18–20; 2 Kron. 29–32; Jes. 36–39). Jesaja het hom bygestaan om beide die Kerk en die staat te hervorm. Hy het afgodery onderdruk en

het die tempeldienste herstel. Hiskía se lewe is met vyftien jaar verleng deur gebed en geloof (2 Kon. 20:1–7). Die vroeëre deel van sy heerskappy was voorspoedig, maar sy rebellie teen die koning van Assur (2 Kon. 18:7) het twee Assuriese innames tot gevolg gehad: die eerste word beskryf in Jesaja 10:24–32, die tweede in 2 Konings 18:13–19:7. Na die tweede inname word Jerusalem gered deur ’n engel van die Here (2 Kon. 19:35).

**Hoeksteen.** *Sien ook* Jesus Christus

Die hoofsteen wat die hoek van die fondament van ’n gebou vorm. Jesus Christus word die hoeksteen genoem (Efés. 2:20).

Die steen wat die bouers verwerp het, het ’n hoeksteen geword, **Ps.** 118:22 (Matt. 21:42–44; Mark. 12:10; Lk. 20:17; Hand. 4:10–12).

Die Jode het die hoeksteen verwerp, **Jakob** 4:15–17.

**Hoëpriester.** *Sien ook* Ääroniese Priesterskap; Melgisédekse Priesterskap

’n Amp in die priesterskap. Die skrifture verwys na “hoëpriester” in twee betekenisse: (1) ’n amp in die Melgisédekse Priesterskap; en (2) onder die wet van Moses, die presiderende amptenaar van die Äároniese Priesterskap.

Die eerste betekenis is van toepassing op Jesus Christus as die groot Hoëpriester. Adam en al die patriarge was ook hoëpriesters. Vandag vorm drie presiderende hoëpriesters die Presidensie van die Kerk en presideer oor alle ander priesterskapdraers en Kerklede. Bykomende waardige mans word vandag as hoëpriesters geordineer soos nodig in die Kerk. Hoëpriesters mag geroep, afgesonder, en geordineer word as biskoppe (L&V 68:19; 107:69–71).

In die tweede betekenis, onder die wet van Moses, is die presiderende amptenaar van die Äároniese Priesterskap die hoëpriester genoem. Die amp was oorerflik en het deur die eersgeborene gekom onder die gesin van Äáron, waarvan Äáron self die eerste hoëpriester was van die Äároniese orde (Ex. 28–29; Lev. 8; L&V 84:18).

Melgisédek was ’n priester van die Allerhoogste God, **Gén.** 14:18 (Alma 13:14).

Hoëpriesters is geroep en voorberei vanaf die grondlegging van die wêreld, **Alma** 13:1–10.

Hoëpriesters dien in geestelike dinge, **L&V** 107:10, 12, 17.

**Hoëpriesterskap.** *Sien* Melgisédekse Priesterskap

**Hoëraad**

’n Raad van twaalf hoëpriesters.

In die vroeë dae van die herstelde Kerk het die term *hoëraad* verwys na twee verskillende beheerliggame: (1) die Kworum van die Twaalf Apostels van die Kerk (L&V 107:33, 38) en (2) die hoëraad wat dien binne elkeen van die penne (L&V 102; 107:36).

**Homoseksuele Gedrag.** *Sien ook* Egbreuk; Wellus, Wellustigheid

Seksuele verkeer van individue van dieselfde geslag. God verbied hierdie soort seksuele bedrywighede.

Bring hulle uit na ons dat ons hulle kan beken, **Gén.** 19:1–11 (Moses 5:51–53). Met ’n manspersoon mag jy geen gemeenskap hê; dit is ’n gruwel, **Lev.** 18:22 (Lev. 20:13). Daar mag geen skandseun (sodomiet) uit die seuns van Israel wees nie, **Deut.** 23:17. Hulle verklaar hulle sonde as Sodom, hulle steek dit nie weg nie, **Jes.** 3:9 (2 Ne. 13:9).

Manne se wellus teenoor mekaar het ontbrand, **Rom.** 1:27. Misbruikers van hulleself met die mensdom sal nie die koninkryk van God beërwe nie, **1 Kor.** 6:9–10. Die wet is nie gegee vir die regverdige nie, maar vir die sodomiete, **1 Tim.** 1:9–10. Diegene wat agter

vreemde vlees aanloop, word as ʼn voorbeeld gestel, terwyl hulle die straf van ʼn ewige vuur sal ly, **Judas** 1:7.

**Hoofman**

ʼn Offisier in die Romeinse leër in bevel van ʼn afdeling van vyftig tot honderd manskappe. So ʼn afdeling het een-sestigste gedeelte gevorm van ʼn Romeinse legioen. (Sien Matt. 8:5; Lk. 23:47; Hand. 10:1–8).

**Hooglied van Salomo**

ʼn Boek in die Ou Testament. Die Profeet Joseph Smith het aangetoon dat die Hooglied van Salomo nie ʼn geïnspireerde geskrif is nie.

**Hoogmoed.** *Sien ook* Geld; Nederig, Nederigheid; Rykdom; Wêreldsheid; Ydel, Ydelheid

ʼn Gebrek aan of afwesigheid van nederigheid of onderrigbaarheid. Hoogmoed plaas mense in opposisie teenoor mekaar en God. ʼn Hoogmoedige persoon plaas homself bo diegene om hom en volg sy eie wil eerder as God se wil. Verwaandheid, jaloesie, hardvogtigheid en hoogmoedigheid is ook tipies van ʼn hoogmoedige persoon.

Neem jou in ag dat jy die Here jou God nie vergeet sodat jou hart verhef word nie, **Deut.** 8:11–14. Hoogmoed en hoogmoedigheid haat Ek, **Spr.** 8:13 (Spr. 6:16–17). Hoogmoedigheid kom voor die verbreking, **Spr.** 16:18. Die dag van die Here sal oor die hoogmoediges wees, **Jes.** 2:11–12 (2 Ne. 12:11–12). Die vermetelheid van jou hart het jou bedrieg, **Obad.** 1:3. Al die vermeteles sal ʼn stoppel wees, **Mal.** 4:1 (1 Ne. 22:15; 3 Ne. 25:1; L&V 29:9).

Wie homself verhoog, sal verneder word, **Matt.** 23:12 (L&V 101:42). God weerstaan die hoogmoediges, **1 Petr.** 5:5.

Die groot en ruim gebou was die hoogmoed van die wêreld, **1 Ne.** 11:36 (1 Ne. 12:18). Wanneer hulle geleerd is dink hulle dat hulle wys is, **2 Ne.** 9:28–29. Julle is verhewe in die hoogmoed van julle harte, **Jakob** 2:13, 16 (Alma 4:8–12). Is julle gestroop van hoogmoed, **Alma** 5:28. Uitermate groot hoogmoed het in die harte van die mense ingekom, **Hel.** 3:33–36. Hoe gou is die kinders van mense om opgehef te word in hoogmoed, **Hel.** 12:4–5. Die hoogmoed van hierdie nasie het geblyk hulle vernietiging te wees, **Moro.** 8:27.

Wees op julle hoede vir rykdom, sodat julle nie soos die Nefiete word nie, **L&V** 38:39. Hou op met al julle hoogmoed en ligsinnigheid, **L&V** 88:121.

**Hoop.** *Sien ook* Geloof, Glo

Die sekere verwagting van en verlange na die beloofde seëninge van regverdigheid. Die skrifture praat dikwels van hoop as ʼn afwagting op die ewige lewe deur geloof in Jesus Christus.

Geseënd is die man wie se vertroue die Here is, **Jer.** 17:7. Die Here sal ʼn toevlug vir sy volk wees, **Joël** 3:16.

Ons het hoop deur lydsaamheid en die Skrifte, **Rom.** 15:4. God het ons die wedergeboorte geskenk tot ʼn lewende hoop in die opstanding van Christus, **1 Petr.** 1:3. Elke mens wat hierdie hoop het, reinig homself, **1 Joh.** 3:2–3.

Julle moet vorentoe beur met ʼn volmaakte hoop, **2 Ne.** 31:20. Sien dat julle geloof, hoop en naasteliefde het, **Alma** 7:24 (1 Kor. 13:13; Moro. 10:20). Ek wens dat julle op my woorde sal ag slaan om ʼn hoop te hê dat julle die ewige lewe sal ontvang, **Alma** 13:27–29. As julle geloof het, hoop julle op dinge wat nie gesien word nie, wat waar is, **Alma** 32:21 (Hebr. 11:1). Hoop kom van geloof en maak ʼn anker vir die siel, **Ether** 12:4 (Hebr. 6:17–19). Die mens moet hoop of hy kan nie ʼn erfenis ontvang nie, **Ether** 12:32. Mormon het gespreek aangaande geloof, hoop en naasteliefde, **Moro.** 7:1. Julle sal hoop deur die versoening van Jesus Christus om opgewek te word tot die ewige lewe, **Moro.**

7:40–43. Die Heilige Gees vervul julle met hoop, **Moro.** 8:26 (Rom. 15:13).

Hulle het die sterflike lewe verlaat, met ʼn vaste hoop op ʼn heerlike opstanding, **L&V** 138:14.

**Hosanna**

ʼn Woord uit Hebreeus wat beteken "red ons asseblief" en word gebruik in loof en smeking.

Tydens die Huttefees, wat die Here se bevryding van Israel en hul betreding van die beloofde land vier, het mense die woorde van Psalm 118 gesing en palmtakke gewaai. Tydens die Here se triomfantelike intog in Jerusalem het die skares "Hosanna" geroep en palmtakke gestrooi vir Jesus om oor te ry, en so hulle begrip getoon dat Jesus dieselfde Here was wat Israel in die voortyd bevry het (Ps. 118:25–26; Matt. 21:9, 15; Mark. 11:9–10; Joh. 12:13). Hierdie mense het vir Christus erken as die lang-verwagte Messias. Die woord *Hosanna* is gebruik as ʼn aankondiging van die Messias in alle eeue (1 Ne. 11:6; 3 Ne. 11:14–17). Die Hosannakreet was deel van die inwyding van die Kirtland-tempel (L&V 109:79) en is nou ʼn deel van die inwyding van moderne tempels.

**Hoséa**

ʼn Ou Testamentiese profeet wat in die noordelike koninkryk van Israel geprofeteer het gedurende die laaste gedeelte van die heerskappy van Jeróbeam II. Hy het geleef gedurende ʼn tyd van nasionale agteruitgang en verval, die gevolg van Israel se sonde.

*Die boek van Hoséa:* Die boek se basiese tema is die liefde van God vir sy volk. Al sy tugtiginge is uit liefde opgelê, en Israel se herstelling sal te danke wees aan sy liefde (Hoséa 2:19; 14:5). In teenstelling toon Hoséa Israel se verraderlikheid en ontrou. Tog is God in staat om vooruit te sien na Israel se uiteindelike verlossing (Hos. 11:12–14:9).

**Huis.** *Sien ook* Gesin

Die huis behoort die middelpunt van evangeliese en gesinsaktiwiteite te wees.

ʼn Man moet vry wees vir sy huis en aan sy vrou vreugde verskaf, **Deut.** 24:5.

Hy het hom weggestuur na sy huis, **Mark.** 8:26. Laat kinders leer om eerbied te betoon teenoor hulle eie huis, **1 Tim.** 5:4. Wees ingetoë, kuis en huislik, **Tit.** 2:5.

Gaan na julle huise en peins oor die dinge wat Ek gesê het, **3 Ne.** 17:2–3. Ek het hulle aangemoedig om te veg vir hulle vroue, en hulle kinders, en hulle huise en hulle wonings, **Morm.** 2:23.

Vaders word beveel om tuis getrou en besorgd te wees, **L&V** 93:43–44, 48–50.

**Huis van die Here.** *Sien* Tempel, Huis van die Here

**Huis van Israel.** *Sien* Israel

**Humeur.** *Sien* Toorn

**Huwelik, Trou.** *Sien ook* Egskeiding; Gesin

ʼn Wettige verbond of kontrak tussen ʼn man en ʼn vrou wat hulle eggenoot en eggenote maak. God het die huwelik ingestel (L&V 49:15).

Dit is nie goed dat die mens alleen is nie, **Gén.** 2:18 (Moses 3:18). Die man sal sy vrou aankleef en hulle sal een vlees wees, **Gén.** 2:24 (Matt. 19:5; Abr. 5:18).

Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie, **Matt.** 19:6 (Mark. 10:9). In die laaste tye sal sommige van die geloof afvallig word, wat verbied om te trou, **1 Tim.** 4:1–3. Die huwelik is eerbaar, **Hebr.** 13:4.

Die Here het Lehi se seuns beveel om met die dogters van Ismael te trou, **1 Ne.** 7:1, 5 (1 Ne. 16:7–8).

God het Adam en Eva geskape om man en vrou te wees, **Moses** 3:7, 18, 21–25.

*Nuwe en ewige verbond van die huwelik:*

Die huwelik wat voltrek word onder die wet van die evangelie en die heilige priesterskap is vir die sterflike lewe en vir die ewigheid. Waardige mans en vroue wat so in die huwelik verseël word in die tempel, mag as man en vrou voortduur tot in ewigheid.

Jesus het die wet van die huwelik geleer, **Lk.** 20:27–36. In die Here is die man nie sonder die vrou nie, **1 Kor.** 11:11. Mans en vroue is mede-erfgename van die genade van die lewe, **1 Petr.** 3:7.

Wat jy ook al sal bind op aarde, sal in die hemel gebind wees, **Hel.** 10:7 (Matt. 16:19).

Om die hoogste graad van die selestiale koninkryk te ontvang, moet ʼn mens die nuwe en ewige verbond van die huwelik aangaan, **L&V** 131:1–4. As ʼn man met ʼn vrou trou, nie in my Naam nie, is hulle verbond en huwelik nie van krag as hulle dood is nie, **L&V** 132:15. As ʼn man met ʼn vrou trou volgens my woord, en deur die nuwe en ewige verbond, en dit vir hulle verseël word deur die Heilige Gees, sal dit van volle krag bly as hulle uit die wêreld is, **L&V** 132:19.

*Tussengeloofhuwelik:* ʼn Huwelik tussen ʼn man en ʼn vrou van verskillende godsdienstige gelowe en praktyke.

Jy sal vir my seun geen vrou neem uit die dogters van die Kanaäniete nie, **Gén.** 24:3. As Jakob ʼn vrou neem uit die dogters van Het, waarvoor lewe ek dan, **Gén.** 27:46 (Gén. 28:1–2). Israel sal nie met die Kanaäniete trou nie, **Deut.** 7:3–4. Israel het met die Kanaäniete ondertrou, valse gode aanbid, en was vervloek, **Rigt.** 3:1–8. Salomo se vroue het sy hart verlei om valse gode te dien, **1 Kon.** 11:1–6. Ons sal ons dogters nie gee aan die volke van die land nie, en ons sal nie hulle dogters neem vir ons seuns nie, **Neh.** 10:30.

Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, **2 Kor.** 6:14.

Die Here het ʼn merk geplaas op die Lamaniete sodat die Nefiete nie mag vermeng en in onjuiste oorlewerings glo nie, **Alma** 3:6–10.

As ʼn man ʼn vrou trou en nie volgens my woord nie, is hulle verbond en huwelik nie van krag as hulle dood is nie, **L&V** 132:15.

Die seuns van die mense het vir hulle vroue geneem net soos hulle verkies het, **Moses** 8:13–15.

*Meervoudige huwelik:* Die huwelik van ʼn man met twee of meer lewende vroue. Dit is wettig vir ʼn man om net een vrou te hê, tensy die Here anders beveel deur openbaring (Jakob 2:27–30). Deur openbaring is meervoudige huwelike beoefen in Ou Testamentiese tye en in die vroeëre dae van die herstelde Kerk onder die leiding van die profeet wat die priesterskapsleutels gehou het (L&V 132:34–40, 45). Dit word nie meer beoefen in die Kerk nie (AV 1); vandag verhoed ʼn meervoudige huwelik ʼn man om ʼn lid van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae te word.

Sarai het vir Hagar as vrou gegee aan Abram, **Gén.** 16:1–11. Jakob het vir Lea en Ragel en hulle slavinne as vrouens ontvang, **Gén.** 29:21–28 (Gén. 30:4, 9, 26). As ʼn man ʼn ander vrou neem, mag hy nie die voedsel, klere en huweliksgemeenskap van die eerste verminder nie, **Ex.** 21:10. Dawid en sy twee vrouens het opgegaan na Hebron, **2 Sam.** 2:1–2.

Abraham, Isak en Jakob het dit gedoen wat hulle beveel was deur meer vroue te neem, **L&V** 132:37. Dawid en Salomo het nie gesondig in enigiets nie, behalwe in daardie dinge wat hulle nie van die Here ontvang het nie, **L&V** 132:38–39.

## Hyde, Orson

ʼn Lid van die eerste Kworum van die Twaalf Apostels wat geroep is in hierdie tydvak (L&V 68:1–3; 75:13; 102:3; 124:128–129). Hy het baie sendings vir die Kerk vervul, insluitende om

Palestina in 1841 vir die terugkeer van die Jode toe te wy.

**Immánuel.** *Sien ook* Jesus Christus

Een van die name van Jesus Christus. Dit is afkomstig van woorde in Hebreeus wat beteken "God met ons."

Immánuel is 'n naam en titel wat as 'n teken gegee word van God se verlossing (Jes. 7:14). Jesaja se verwysing na Immánuel word spesifiek deur Matthéüs genoem as 'n profesie van Jesus se geboorte op aarde (Matt. 1:18–25). Die naam verskyn ook in skrifture van die laaste dae (2 Ne. 17:14; 18:8; L&V 128:22).

**Inspirasie, Inspireer.** *Sien ook* Heilige Gees; Openbaring

Goddelike leiding wat aan die mens gegee word deur God. Inspirasie kom dikwels deur die Gees op verskillende maniere na die verstand en hart van 'n persoon.

Na die vuur was daar 'n fluistering, **1 Kon.** 19:12.

Die Heilige Gees sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het, **Joh.** 14:26. Die Gees van waarheid sal julle na alle waarheid lei, **Joh.** 16:13.

Ek is deur die Gees gelei, sonder dat ek vooraf geweet het die dinge wat ek moes doen, **1 Ne.** 4:6. Die stem van die Here het in my verstand gekom, **Enos** 1:10. Elke ding wat uitnooi en uitlok om goed te doen, is geïnspireer deur die Here, **Moro.** 7:13–16.

Het Ek nie vrede tot julle gedagtes gespreek nie, **L&V** 6:23. Ek sal jou in jou verstand en in jou hart vertel, **L&V** 8:2. My Gees sal jou verstand verlig wat jou siel met vreugde sal vul, **L&V** 11:13. Dit sal aan jou gegee word op die juiste oomblik wat jy moet spreek of skryf, **L&V** 24:6 (L&V 84:85). Die klein stil stemmetjie fluister in en deurdring alle dinge, **L&V** 85:6.

**Integriteit.** *Sien ook* Eerlik, Eerlikheid; Regverdigheid, Regverdig

Regverdigheid, eerlikheid en opregtheid.

Totdat ek die asem uitblaas, sal ek my onskuld nie prysgee nie, **Job** 27:5. 'n Regverdige, wandelend in regskapenheid, **Spr.** 20:7.

Hulle was manne wat getrou was te alle tye in watter ding ook al aan hulle toevertrou was, **Alma** 53:20.

Die Here het vir Hyrum Smith liefgehad vanweë die regskapenheid van sy hart, **L&V** 124:15.

**Intelligensie, Intelligensies.** *Sien ook* Gees; Lig, Lig van Christus; Waarheid

Intelligensie het verskeie betekenisse, drie waarvan is: (1) Dit is die lig van waarheid wat lewe en lig gee aan alle dinge in die heelal. Dit het altyd bestaan. (2) Die woord *intelligensies* mag ook verwys na geesteskinders van God. (3) Die skrifture mag ook praat van intelligensie wat verwys na die geesteselement wat bestaan het voordat ons verwek is as geesteskinders.

Intelligensie kleef aan intelligensie, **L&V** 88:40. Intelligensie is nie geskape of gemaak nie, **L&V** 93:29. Alle intelligensie is onafhanklik in daardie sfeer waarin God dit geplaas het, **L&V** 93:30. Die heerlikheid van God is intelligensie, **L&V** 93:36–37. Intelligensie wat in hierdie lewe verkry word, verrys met ons in die opstanding, **L&V** 130:18–19.

Die Here heers oor al die intelligensies, **Abr.** 3:21. Die Here het aan Abraham die intelligensies getoon wat georganiseer is voordat die wêreld was, **Abr.** 3:22.

**Isai.** *Sien ook* Dawid

In die Ou Testament, die vader van Dawid en voorouer van Christus en al die konings van Juda.

Rut se seun, Obed, was Isai se vader, **Rut** 4:17, 22. Isai se voorouers gaan terug na Juda, **1 Kron.** 2:5–12 (Matt. 1:5–6).

**Isak.** *Sien ook* Abraham—Die nageslag van Abraham

ʼn Ou Testamentiese patriarg. Sy geboorte aan Sara en Abraham op hulle oudag was ʼn wonderwerk (Gén. 15:4–6; 17:15–21; 21:1–8). Abraham se gewilligheid om Isak te offer was ʼn sinnebeeld van God en sy Eniggebore Seun (Jakob 4:5). Isak was erfgenaam van die beloftes van die verbond van Abraham (Gén. 21:9–12; 1 Ne. 17:40; L&V 27:10).

Isak is gebore, **Gén.** 21:1–7. Sou opgeoffer word op die berg Moría, **Gén.** 22:1–19 (L&V 101:4). Is getroud, **Gén.** 24. Het sy seuns geseën, **Gén.** 27:1–28:9. Het verheffing ontvang saam met Abraham en Jakob, **L&V** 132:37 (Matt. 8:11).

**Isébel.** *Sien ook* Agab

ʼn Goddelose vrou in die Ou Testament van die land Fenícië. Sy was die vrou van Agab (1 Kon. 16:30–31), ʼn koning van Israel wat geheers het terwyl Elía profeet was.

Isébel se huwelik met Agab het, meer as enige ander enkele gebeurtenis, die val van die noordelike koninkryk van Israel veroorsaak; Isébel het die ergste vorm van afgodsaanbidding in Israel ingevoer vanaf haar land in die plek van aanbidding van Jehova (1 Kon. 18:13, 19).

Isébel het baie van God se profete laat doodmaak, **1 Kon.** 18:4. Isébel het probeer om vir Elía dood te maak, **1 Kon.** 19:1–3. Isébel se goddeloosheid het geëindig met haar verskriklike dood, **2 Kon.** 9:30–37.

**Ismael, Seun van Abraham.** *Sien ook* Abraham; Hagar

In die Ou Testament, ʼn seun van Abraham en Hagar, Sara se Egiptiese slavin (Gén. 16:11–16). Die Here het vir beide Abraham en Hagar belowe dat Ismael die vader sal word van ʼn groot nasie (Gén. 21:8–21).

Die verbond is eerder deur Isak vervul as deur Ismael, **Gén.** 17:19–21 (Gal. 4:22–5:1). God het vir Ismael geseën dat hy vrugbaar sou wees, **Gén.** 17:20. Ismael het gehelp om vir Abraham te begrawe, **Gén.** 25:8–9. Ismael se twaalf seuns het name gekry, **Gén.** 25:12–16. Ismael het gesterf, **Gén.** 25:17–18. Esau het Ismael se dogter, Máhalat, geneem as vrou, **Gén.** 28:9.

**Ismael, Skoonvader van Nefi.** *Sien ook* Lehi, Vader van Nefi

ʼn Man in die Boek van Mormon wat met sy gesin by Lehi se gesin aangesluit het op hulle reis na die beloofde land.

Nefi en sy broers het teruggekeer na Jerusalem en het vir Ismael en sy gesin oorreed om vir Lehi en sy gesin te vergesel na die beloofde land, **1 Ne.** 7:2–5. Die twee gesinne het ondertrou, **1 Ne.** 16:7. Ismael het in die wildernis gesterf, **1 Ne.** 16:34.

**Israel.** *Sien ook* Aanneming; Abraham—Die nageslag van Abraham; Jakob, Seun van Isak

Die Here het die naam Israel aan Jakob gegee, die seun van Isak en kleinseun van Abraham in die Ou Testament (Gén. 32:28; 35:10). Die naam Israel kan verwys na Jakob self, sy nageslag, of na die koninkryk wat daardie afstammelinge eens besit het in Ou Testamentiese tye (2 Sam. 1:24; 23:3). Nadat Moses die kinders van Israel uit Egiptiese slawerny gelei het (Ex. 3–14), het rigters vir meer as driehonderd jaar oor hulle geheers. Vanaf Koning Saul het konings regeer oor verenigde Israel tot die dood van Salomo, toe tien stamme in opstand gekom het teen Rehábeam om ʼn aparte nasie te vorm. Nadat die koninkryk van Israel verdeel was, het die noordelike stamme wat die groter

gedeelte was, die naam Israel behou, terwyl die suidelike koninkryk Juda genoem is. Die land Kanaän word vandag ook Israel genoem. In ′n ander sin beteken Israel ′n ware gelowige in Christus (Rom. 10:1; 11:7; Gal. 6:16; Efés. 2:12).

*Die twaalf stamme van Israel:* Abraham se kleinseun, Jakob, wie se naam verander is na Israel, het twaalf seuns gehad. Hulle afstammelinge het bekend geword as die twaalf stamme van Israel of die kinders van Israel. Hierdie is die twaalf stamme: Ruben, Símeon, Levi, Juda, Íssaskar, en Sebulon (die seuns van Jakob en Lea); Dan en Náftali (die seuns van Jakob en Bilha); Gad en Aser (die seuns van Jakob en Silpa); Josef en Benjamin (die seuns van Jakob en Ragel) (Gén. 29:32–30:24; 35:16–18).

Jakob het aan die hoof van elke stam ′n seëning gegee voor sy dood (Gén. 49:1–28). Vir verdere inligting, sien die naam van elke seun van Jakob.

Ruben, die eersgebore seun van Jakob se eerste vrou, Lea, het sy geboorteregseëning en die dubbele gedeelte van sy erfenis vanweë onsedelikheid verloor (Gén. 49:3–4). Die geboortereg het toe na Josef gegaan, wat die eersgebore seun van Jakob se tweede vrou, Ragel, was (1 Kron. 5:1–2). Levi, wie se stam die Here gekies het om te dien as sy priesterskapdienaars, het nie ′n erfdeel ontvang nie vanweë hulle spesiale roeping om onder al die stamme te dien. Dit het Josef toegelaat om sy dubbele aandeel te deel met Josef se seuns, Efraim en Manasse (1 Kron. 5:1; Jer. 31:9), wat beskou is as afsonderlike stamme van Israel (JSV, Gén. 48:5–6 [Bylae]).

Lede van die stam van Juda moes die heersers wees totdat die Messias kom (Gén. 49:10; JSV, Gén. 50:24 [Bylae]). In die laaste dae het die stam van Efraim die voorreg om die boodskap van die Herstelling van die evangelie uit te dra na die wêreld en om verstrooide Israel te versamel (Deut. 33:13–17). Die tyd sal kom dat deur die evangelie van Jesus Christus, Efraim ′n leierskapsrol sal hê om al die stamme van Israel te verenig (Jes. 11:12–13; L&V 133:26–34).

*Die verstrooiing van Israel:* Die Here het die twaalf stamme van Israel verstrooi en gestraf vanweë hulle ongeregtigheid en rebelsheid. Nogtans het die Here ook hierdie verstrooiing van sy uitverkore volk onder die nasies van die wêreld gebruik om daardie nasies te seën.

Ek sal julle onder die volke verstrooi, **Lev.** 26:33. Die Here sal jou verstrooi onder al die volke, **Deut.** 28:25, 37, 64. Ek sal hulle ′n skrikbeeld maak vir al die koninkryke van die aarde, **Jer.** 29:18–19. Ek sal die huis van Israel onder al die nasies skud, **Amos** 9:9 (Sag. 10:9).

Jesus is gestuur na die verlore skape van die huis van Israel, **Matt.** 15:24. Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie, **Joh.** 10:16.

Israel sal oor die hele aangesig van die aarde verstrooi word, **1 Ne.** 22:3–8. Jakob haal Zenos aan met betrekking tot die gelykenis van die mak en wilde olyfbome, **Jakob** 5–6. Die werk van die Vader sal onder die verstrooide stamme begin, **3 Ne.** 21:26.

*Die versameling van Israel:* Die huis van Israel sal in die laaste dae voor die koms van Christus versamel word (Gel. Art. 1:10). Die Here versamel sy volk Israel wanneer hulle Hom aanvaar en sy gebooie hou.

Hy sal ′n banier oprig en hulle sal kom, **Jes.** 5:26. Met groot ontferming sal Ek jou vergader, **Jes.** 54:7. Israel en Juda sal bymekaargemaak word na hulle lande, **Jer.** 30:3. Die Here sal die huis van Israel versamel van die volke onder wie Hy hulle verstrooi het, **Eség.** 28:25.

Gedurende die tydvak van die volheid van tye sal Hy alle dinge onder een hoof in Christus verenig, **Efés.** 1:10.

Nadat Israel verstrooi is, sal hulle versamel word, **1 Ne.** 15:12–17. Die Here sal die volke wat van die huis

van Israel is, terugbring, **1 Ne.** 19:16 (3 Ne. 16:5). Hulle sal uit die duisternis gebring word en weet dat die Here hulle Saligmaker is, **1 Ne.** 22:12. God versamel en tel sy kinders, **1 Ne.** 22:25. Die nasies van die nie-Jode sal Israel uitbring na die lande van hulle erfenis, **2 Ne.** 10:8 (3 Ne. 16:4). My volk en my woord sal saamgevoeg word in een, **2 Ne.** 29:13–14.

Die ouderlinge word geroep om die uitverkorenes te versamel, **L&V** 29:7 (L&V 39:11). Ek sal my uitverkorenes versamel, **L&V** 33:6. Vergader sodat Ek julle my wet mag gee en julle begiftig mag word, **L&V** 38:31–33. Ek sal my volk terugwin wat van die huis van Israel is, **L&V** 39:11. Die Heiliges sal voortkom, **L&V** 45:46. Moses het die sleutels van die versameling oorgedra, **L&V** 110:11.

Regverdigheid en waarheid sal oor die aarde spoel en die Here se uitverkorenes bymekaarmaak, **Moses** 7:62. Die versameling word vergelyk met die versameling van arende na 'n karkas, **JS—M** 1:27.

*Die tien verlore stamme van Israel:* Die tien stamme van Israel het die noordelike koninkryk van Israel gevorm en is gevange weggevoer na Assur in 721 v.C. Gedurende daardie tyd het hulle na die "noordelike lande" gegaan en die ander stamme het nie kennis gedra van hulle verblyfplek nie. In die laaste dae sal hulle terugkeer.

Ek sal sê vir die noorde: Gee, **Jes.** 43:6. Hulle kom van die noorde, **Jes.** 49:12 (1 Ne. 21:12). Juda en Israel sal saamkom uit die Noordland, **Jer.** 3:18. So waar as die Here leef, Hy het die kinders van Israel laat optrek uit die Noordland, **Jer.** 16:14–16. Ek bring hulle aan uit die Noordland, **Jer.** 31:8.

Die Nefiete en die Jode sal die woorde hê van die verlore stamme van Israel, **2 Ne.** 29:12–13. Ek gaan om myself te toon aan die verlore stamme van Israel, **3 Ne.** 17:4. Wanneer die evangelie gepreek word aan die oorblywendes van die huis van Israel, sal die verlore stamme huis toe versamel word na die land van hulle erfenis, **3 Ne.** 21:26–29.

Moses het die sleutels vir die versameling van Israel aan Joseph Smith en Oliver Cowdery oorgedra, **L&V** 110:11. Hulle wat in die noordelike lande is, sal voor die Here in gedagtenis kom, **L&V** 133:26–32.

Ons glo aan die letterlike versameling van Israel, **Gel. Art.** 1:10.

**Íssaskar.** *Sien ook* Israel; Jakob, Seun van Isak

'n Seun van Jakob en Lea in die Ou Testament (Gén. 30:17–18; 35:23; 46:13). Sy afstammelinge het een van die twaalf stamme van Israel geword.

*Die stam van Íssaskar:* Jakob se seëning oor Íssaskar word gevind in Génesis 49:14–15. Nadat hulle hul in Kanaän gevestig het, het die stam sommige van die vrugbaarste land in Palestina ontvang, insluitende die vlakte van Esdraelon. Binne Íssaskar se grense was verskeie belangrike plekke in Joodse geskiedenis, byvoorbeeld Karmel, Megíddo, Dotan, Gilbóa, Jísreël, Tabor en Násaret (Jos. 19:17–23).

**Jackson-distrik, Missouri (VSA).** *Sien ook* Nuwe Jerusalem

Die versamelplek van die Heiliges in die laaste dae; dit is, die middelpunt waar hulle die Nuwe Jerusalem sal stig (L&V 57–58; 82; 101:69–71; 105:28).

**Jafet.** *Sien ook* Noag, Bybelse Patriarg

Die oudste seun van Noag, 'n Ou Testamentiese profeet (Moses 8:12).

Noag het Jafet verwek, **Gén.** 5:32 (Gén. 6:10; Moses 8:12). Jafet en sy vrou het Noag se ark binnegegaan, **Gén.** 7:13. Jafet het uit die ark gekom, **Gén.** 9:18. God sal vir Jafet ruimte verskaf, **Gén.** 9:27.

**Jakob, Seun van Isak.** *Sien ook* Esau; Isak; Israel

ʼn Ou Testamentiese patriarg en profeet; die jongere van die tweelingseuns van Isak en Rebekka (Gén. 25:19–26). Jakob het die geboortereg verkry oor sy broer, Esau. Dit was as gevolg van Jakob se waardigheid en omdat hy in die verbond getrou het, terwyl Esau sy geboortereg verag het en buite die verbond getrou het (Gén. 25:30–34; 26:34–35; 27; 28:6–9; Hebr. 12:16).

Rebekka het van die Here geleer dat Esau vir Jakob sou dien, **Gén.** 25:23. Het die geboortereg van Esau gekoop, **Gén.** 25:29–34. Het gedroom van ʼn leer na die hemel, **Gén.** 28. Het met Lea en Ragel getrou, **Gén.** 29:1–30. Het twaalf seuns en een dogter gehad, **Gén.** 29:31–30:24; 35:16–20. Het met Bilha en Silpa getrou, **Gén.** 30:3–4, 9. Sy naam is verander na Israel, **Gén.** 32:28. Het God van aangesig tot aangesig gesien, **Gén.** 32:30. Het Josef bevoordeel, **Gén.** 37:3. Het na Egipte gegaan met sy gesin, **Gén.** 46:1–7. Het sy seuns en hulle nageslag geseën, **Gén.** 49. Het gesterf, **Gén.** 49:33.

Het die gebooie onderhou en is vandag verheerlik op ʼn troon in die hemel, in die geselskap van Abraham en Isak, **L&V** 132:37.

**Jakob, Seun van Lehi.** *Sien ook* Lehi, Vader van Nefi

ʼn Profeet in die Boek van Mormon en skrywer van verskeie leerredes in die boek van 2 Nefi en Jakob (2 Ne. 6–11; Jakob 1–7).

*Die boek van Jakob:* Die derde boek in die Boek van Mormon. Hoofstuk 1 vertel dat Nefi die kronieke oorgedra het aan Jakob en het toe vir Jakob en sy broer, Josef, geordineer om priesters en leraars vir die volk te wees. Hoofstukke 2–4 bevat leerredes wat die volk vermaan om sedelik rein te wees. Jakob het ook geleer van die koms van ʼn verlossende Messias, en hy het redes gegee waarom sommige in Israel Hom nie sou aanvaar by sy koms nie. Hoofstukke 5–6 bevat Jakob se getuienis en ʼn profetiese allegorie oor die geskiedenis en sending van die volk van Israel. Hoofstuk 7 bevat ʼn verslag van ʼn geleerde rebel genaamd Sjerem, wat beskaam was deur die goddelike getuienis van Jakob.

**Jakobus, Broer van die Here**

In die Nuwe Testament, ʼn broer van die Here (Gal. 1:19) en van Joses, Simon, Judas en ʼn paar susters (Matt. 13:55–56; Mark. 6:3; Judas 1:1). Hy was ook bekend as Jakobus die Regverdige en het ʼn belangrike posisie in die Kerk in Jerusalem beklee (Hand. 12:17; 15:13; 1 Kor. 15:7; Gal. 2:9–12). Hy het waarskynlik die sendbriewe van Jakobus geskryf.

*Die sendbrief van Jakobus:* ʼn Boek in die Nuwe Testament. Oorspronklik was dit ʼn brief wat gerig was aan die twaalf stamme van Israel wat ver en naby verstrooi was en is waarskynlik van Jerusalem geskryf. Die sendbrief bevat sommige duidelik-gestelde items omtrent praktiese godsdiens, insluitende die belangrike advies in hoofstuk 1 dat as ʼn persoon wysheid kortkom, hy God om hulp moes vra (Jak. 1:5–6; JS—G 1:9–20). Hoofstuk 2 handel oor geloof en werke. Hoofstuk 3–4 spreek van die noodsaaklikheid om die tong te beheer en vermaan die Heiliges om nie kwaad van mekaar te spreek nie. Hoofstuk 5 moedig die Heiliges aan om geduld te hê en om die ouderlinge in te roep vir ʼn seëning as hulle siek is; hy leer ook van die seëninge om ander te help bekeer.

**Jakobus, Seun van Alféüs**

Een van die Twaalf Apostels wat deur Jesus gekies is gedurende sy aardse bediening (Matt. 10:3; Mark. 3:18; Lk. 6:15; Hand. 1:13).

**Jakobus, Seun van Sebedéüs**

Een van die Twaalf Apostels wat deur

Jesus gekies is gedurende sy aardse bediening. Hy was die broer van Johannes. Hy was een van die drie Apostels wat gekies was om saam met Jesus te wees tydens sekere spesiale geleenthede: tydens die opwekking van die dogter van Jaïrus (Mark. 5:37), tydens die Transfigurasie (Matt. 17:1; Mark. 9:2; Lk. 9:28) en in Getsémané (Matt. 26:37; Mark. 14:33). Saam met Petrus en Johannes het hy die Melgisédekse Priesterskap herstel op aarde deur vir Joseph Smith en Oliver Cowdery te ordineer (L&V 27:12; 128:20; JS—G 1:72).

**Jaloers, Jaloesie.** *Sien ook* Afguns

Soos gebruik in die skrifture het die woord *jaloers* twee betekenisse: (1) om vurig te wees en om sensitiewe en diep gevoelens te hê oor iemand of iets, en (2) om iemand te beny of wantrouig te wees dat ʼn ander ʼn bietjie voordeel sal trek.

*Om vurige gevoelens te hê:* Ek die Here is ʼn jaloerse God, **Ex.** 20:5 (Deut. 5:9; 6:15; Mosia 11:22). Ek sal ywer vir my heilige Naam, **Eség.** 39:25. Ek ywer oor Jerusalem en oor Sion, **Sag.** 1:14.

*Om afgunstig of wantrouig te wees:* Jaloersheid is ʼn toorngloed in ʼn man, **Spr.** 6:32–35.

Akis het begin om afgunstig te wees op sy seun, **Ether** 9:7.

Stroop julleself van afguns en vrese, **L&V** 67:10.

**Jarom**

In die Boek van Mormon, ʼn seun van Enos en ʼn agterkleinkind van Lehi. Hy het die Nefitiese kronieke bygehou vir sestig jaar, 420–361 v.C. (Enos 1:25; Jarom 1:13). Hy was ʼn getroue man wat verkies het om nie te veel te skryf in die geskiedkundige kroniek nie (Jarom 1:2).

*Die boek van Jarom:* Daar is net vyftien verse in hierdie boek in die Boek van Mormon. Jarom het opgeteken dat die Nefiete aangehou het om die wet van Moses te lewe en om uit te sien na die koms van Christus. Hulle is gelei deur konings wat magtige manne van geloof was. Hulle het vooruit gegaan toe hulle op hul profete, priesters en leraars ag geslaan het.

**Jehova.** *Sien ook* **EK IS**; Jesus Christus

Die verbonds- of eienaam van die God van Israel. Dit beteken "die ewige EK IS" (Ex. 3:14; Joh. 8:58). Jehova is die voor-aardse Jesus Christus en het na die aarde gekom as ʼn seun van Maria (Mosia 3:8; 15:1; 3 Ne. 15:1–5). Gewoonlik as die woord *Here* in die Ou Testament verskyn, beteken dit "Jehova."

*Jehova is Christus:* Jehova was bekend aan die voortydse profete (Ex. 6:3; Abr. 1:16). Die Apostel Paulus het geleer dat Christus die Jehova van die Ou Testament was (Ex. 17:6; 1 Kor. 10:1–4). Die broer van Jered in die Boek van Mormon het die vooraardse Christus gesien en Hom aanbid (Ether 3:13–15). Moroni het ook vir Christus "Jehova" genoem (Moro. 10:34). By die Kirtland Tempel het Joseph Smith en Oliver Cowdery die herrese Jehova gesien (L&V 110:3–4).

**Jered.** *Sien ook* Jered, Broer van; Jerediete

ʼn Boek van Mormon leier wat, tesame met sy broer, ʼn groep mense gelei het vanaf die Toring van Babel na ʼn beloofde land in die westelike halfrond (Ether 1:33–2:1).

Jered het sy broer gevra om te bid dat die Here nie die taal van hulle gesinne en vriende sal verwar nie, **Ether** 1:34–37. Het gereis na die see en daar gewoon vir vier jaar, **Ether** 2:13. Het na die beloofde land gevaar, **Ether** 6:4–12.

**Jered, Broer van.** *Sien ook* Jered; Jerediete

ʼn Boek van Mormon profeet. Hy en sy broer het die Jereditiese nasie gestig toe hulle ʼn groep mense gelei het vanaf

die Toring van Babel na ′n beloofde land in die westelike halfrond (Ether 1–6). Hy was ′n man met so ′n groot geloof dat hy met die Here van aangesig tot aangesig gespreek het (L&V 17:1). Sy verhaal is opgeteken in die boek van Ether.

Die broer van Jered was ′n groot en sterk man, en hoog begunstig deur die Here, **Ether** 1:34. Vanweë sy geloof het die broer van Jered die vinger van die Here gesien, **Ether** 3:6–9 (Ether 12:20). Christus het sy geestesliggaam aan die broer van Jered getoon, **Ether** 3:13–20. Daar is nog nooit groter dinge geopenbaar as dié wat geopenbaar is aan die broer van Jered nie, **Ether** 4:4. Die broer van Jered het sy volk gewaarsku teen ′n koning, **Ether** 6:22–23. Die Here het alle dinge getoon aan die broer van Jered, **Ether** 12:21. Die broer van Jered was magtig in skryfwerk, **Ether** 12:24. Deur geloof het die broer van Jered berg Serin beweeg, **Ether** 12:30.

**Jerediete.** *Sien ook* Boek van Mormon; Jered; Jered, Broer van

Mense in die Boek van Mormon wat afstammelinge was van Jered, sy broer, en hulle vriende (Ether 1:33–41). Hulle is gelei deur God vanaf die Toring van Babel na die Amerikas, ′n beloofde land (Ether 1:42–43; 2–3; 6:1–18). Alhoewel hulle nasie op een tyd miljoene mense gehad het, was hulle almal vernietig deur burgeroorlog wat veroorsaak is deur goddeloosheid (Ether 14–15).

**Jeremia.** *Sien ook* Klaagliedere, Boek van

′n Ou Testamentiese profeet wat gebore was in ′n priesterlike gesin en wat in Juda geprofeteer het vanaf 626 tot 586 v.C. Hy het na aan die tyd van ander groot profete geleef: Lehi, Eségiël, Hosea en Daniël.

Jeremia was gekies om ′n profeet te wees in die vooraardse lewe (Jer. 1:4–5). Gedurende sy ongeveer veertig jaar as ′n profeet het hy teen afgodery en onsedelikheid gepreek onder die Joodse volk (Jer. 3:1–5; 7:8–10). Hy moes gedurige teenkanting en beledigings verduur (Jer. 20:2; 36:18–19; 38:4). Na die val van Jerusalem het die Jode wat gevlug het na Egipte, vir Jeremia saam met hulle geneem (Jer. 43:5–6), waar, volgens oorlewering, hulle hom tot die dood gestenig het.

*Die boek van Jeremia:* Hoofstuk 1–6 bevat profesieë wat gegee is gedurende die heerskappy van Josía. Hoofstuk 7–20 is profesieë gedurende die tyd van Jójakim. Hoofstuk 21–38 handel oor die heerskappy van Sedekía. Hoofstuk 39–44 bevat profesieë en beskryf geskiedkundige gebeure na die val van Jerusalem. Hoofstuk 45 bevat ′n belofte aan Barug, sy skrywer, dat Barug se lewe gespaar sal word. Ten slotte is hoofstuk 46–51 profesieë teen ander nasies. Hoofstuk 52 is ′n geskiedkundige slot. Sommige van Jeremia se profesieë is ingesluit in die bronsplate van Laban wat deur Nefi verkry is (1 Ne. 5:10–13). Jeremia word ook twee ander kere genoem in die Boek van Mormon (1 Ne. 7:14; Hel. 8:20).

Die boek van Jeremia sluit ook ′n verwysing in na die mens se vooraardse bestaan en Jeremia se vooraf ordening (Jer. 1:4–5); ′n profesie van die terugkeer van Israel vanaf hulle verstrooide toestand, versameling van een van ′n stad en twee van ′n gesin na Sion, ′n aangename land waar Israel en Juda in veiligheid en vrede kon woon (Jer. 3:12–19); en ′n profesie van die Here wat Israel versamel van die noordelike lande deur baie "vissers" en "jagters" te stuur om hulle te vind (Jer. 16:14–21). Hierdie gebeurtenis van die laaste dae sal groter in omvang wees as selfs Moses se terugbring van Israel uit Egipte (Jer. 16:13–15; 23:8).

**Jérigo**

′n Ommuurde stad in die Jordaan-

vallei 245 meter onder seevlak. Jérigo is naby die plek waar die Israeliete die rivier oorgesteek het toe hulle die eerste keer die beloofde land binnegegaan het (Jos. 2:1–3; 3:16; 6).

Die Israeliete het 'n stryd gestry by Jérigo, **Jos.** 6:1–20. Josua het 'n vloek geplaas op Jérigo, **Jos.** 6:26 (1 Kon. 16:34). Jérigo was binne die gebied wat aan Benjamin toegewys is, **Jos.** 18:11–12, 21.

Die Here het Jérigo besoek op sy laaste reis na Jerusalem, **Mark.** 10:46 (Lk. 18:35; 19:1).

**Jeróbeam**

In die Ou Testament was Jeróbeam die eerste koning van die noordelike deel van verdeelde Israel. Hy was 'n lid van die stam van Efraim. Die goddelose Jeróbeam het 'n opstand gelei teen die huis van Juda en die gesin van Dawid.

Jeróbeam het afgode opgestel vir die volk in Dan en Bet-él om te aanbid, **1 Kon.** 12:28–29. Ahía het vir Jeróbeam tereggewys, **1 Kon.** 14:6–16. Jeróbeam word onthou vanweë 'n vreeslike sonde wat hy oor Israel gebring het, **1 Kon.** 15:34 (1 Kon. 12:30).

**Jérubbaäl.** *Sien ook* Gídeon (Ou Testament)

'n Naam wat gegee is aan Gídeon in die Ou Testament nadat hy die altaar van Baäl vernietig het (Rigt. 6:32; 7:1; 9; 1 Sam. 12:11).

**Jerusalem**

'n Stad geleë in moderne Israel. Dit is die belangrikste stad in Bybelse geskiedenis. Sommige van die heiligste plekke vir Christene, Jode en Moslems is in hierdie stad en word dikwels besoek deur talle getroue gelowiges. Daar word dikwels na verwys as die heilige stad.

Eenmaal bekend as Salem (Gén. 14:18; Ps. 76:3), Jerusalem was 'n Jebusitiese stad totdat dit ingeneem is deur Dawid (Jos. 10:1; 15:8; 2 Sam. 5:6–7), wat dit sy hoofstad gemaak het. Tot dan het dit meestal gedien as 'n bergvesting, ongeveer 800 meter bokant seevlak. Dit word omring deur diep valleie aan alle kante behalwe die noordekant.

Gedurende Koning Dawid se heerskappy in Jerusalem het hy 'n houtpaleis bewoon. Gedurende Salomo se heerskappy het die mense egter baie dinge gedoen om die stad te verfraai, insluitende om die koning se paleis en die tempel te bou.

Nadat die koninkryke van Israel en Juda verdeel het, het Jerusalem die hoofstad van Juda gebly. Dit is dikwels aangeval deur invallende leërs (1 Kon. 14:25; 2 Kon. 14:13; 16:5; 18–19; 24:10; 25). Onder Hiskía het Jerusalem die middelpunt geword van godsdienstige aanbidding maar is gedeeltelik vernietig in 320 v.C., 168 v.C. en 65 v.C. Herodes het die mure en die tempel herbou, maar in 70 v.C. het die Romeine dit algeheel vernietig.

Melgisédek was koning van Salem, **Gén.** 14:18 (Hebr. 7:1–2). Jesaja roep Jerusalem om haar sierlike klere aan te trek, **Jes.** 52:1. Die woord van die Here sou uit Jerusalem kom, **Miga** 4:2.

Christus het oor die lot van Jerusalem geweeklaag, **Matt.** 23:37–39 (Lk. 13:34). Jerusalem is die stad van die lewende God, **Hebr.** 12:22.

Jerusalem sou vernietig word as dit nie wou bekeer nie, **1 Ne.** 1:4, 13, 18 (2 Ne. 1:4; Hel. 8:20). Jerusalem sal weer bewoon word na die vernietiging, **3 Ne.** 20:46. Jerusalem sal weer herbou word, **Ether** 13:5.

Christus het die Heiliges van die Laaste Dae gewaarsku soos Hy die mense van Jerusalem gewaarsku het, **L&V** 5:20. Diegene wat van Juda is, moet na Jerusalem vlug, **L&V** 133:13. Die Here sal vanuit Jerusalem spreek, **L&V** 133:21.

**Jerusalem, Nuwe.** *Sien* Nuwe Jerusalem; Sion

**Jesaja**

'n Profeet van die Ou Testament wat geprofeteer het vanaf 740–701 v.C. As Koning Hiskía se hoofadviseur het Jesaja groot godsdienstige en politieke invloed gehad.

Jesus het Jesaja meer dikwels aangehaal as enige ander profeet. Jesaja word ook dikwels aangehaal deur Petrus, Johannes en Paulus in die Nuwe Testament. Die Boek van Mormon en die Leer en Verbonde bevat meer aanhalings van Jesaja as van enige ander profeet en verskaf baie hulp om Jesaja te vertolk. Nefi het sy volk geleer uit die geskrifte van Jesaja (2 Ne. 12–24; Jes. 2–14). Die Here het vir die Nefiete vertel dat Jesaja se woorde groot was en "dat alle dinge wat Jesaja geprofeteer het, vervul sal word" (3 Ne. 23:1–3).

*Die boek van Jesaja:* 'n Boek in die Ou Testament. Baie van Jesaja se profesieë handel oor die koms van die Verlosser, beide in sy aardse bediening (Jes. 9:6) en as die Groot Koning op die laaste dag (Jes. 63). Hy het ook baie geprofeteer oor Israel se toekoms.

Hoofstuk 1 is 'n inleiding tot die res van die boek. Jesaja 7:14; 9:6–7; 11:1–5; 53; en 61:1–3 voorspel die sending van die Saligmaker. Hoofstukke 2, 11, 12 en 35 handel oor gebeurtenisse in die laaste dae, wanneer die evangelie herstel sal word, Israel versamel sal word, en die dorre land soos 'n roos sal blom. Hoofstuk 29 bevat 'n profesie oor die te voorskyn kom van die Boek van Mormon (2 Ne. 27). Hoofstukke 40–46 verklaar die superioriteit van Jehova as die ware God bo die afgode van die heidense aanbidders. Die oorblywende hoofstukke, 47–66, handel oor gebeurtenisse by die finale herstelling van Israel en die vestiging van Sion, met die Here wat onder sy volk woon.

**Jesus Christus.** *Sien ook* Alfa en Omega; Begin; Bekeer, Bekering; Bergpredikasie; Bloed; Brood van die Lewe; Bruidegom; Eersgeborene; Eindeloos; EK IS; Evangelies; Geloof, Glo; Genade; Gesalfde Een; Gewete; God, Godheid; Goeie Herder; Gólgota; Hemelvaart; Here; Hoeksteen; Immánuel; Jehova; Kruis; Kruisiging; Lam van God; Lewende Water; Lig, Lig van Christus; Maria, Moeder van Jesus; Messias; Middelaar; Nagmaal; Offerande; Opstanding; Plan van Verlossing; Rots; Saligmaker; Seun van die Mens; Skep, Skepping; Slang, Koper; Transfigurasie—Transfigurasie van Christus; Trooster; Tweede Koms van Jesus Christus; Val van Adam en Eva; Vergifnis van Sondes; Verlos, Verlossing; Verlosser; Versoen, Versoening; Verwek; Voorspraak; Weg

*Christus* ('n Griekse woord) en *Messias* ('n Hebreeuse woord) beteken "die gesalfde." Jesus Christus is die Eersgeborene van die Vader in die gees (Hebr. 1:6; L&V 93:21). Hy is die Eniggeborene van die Vader in die vlees (Joh. 1:14; 3:16). Hy is Jehova (L&V 110:3–4) en was voorafverordineer tot sy groot roeping voor die skepping van die wêreld. Onder die Vader se leiding het Jesus die aarde en alles daarop geskape (Joh. 1:3, 14; Moses 1:31–33). Hy is uit Maria te Betlehem gebore, het 'n sondelose lewe gelei en het 'n volmaakte versoening gedoen vir die sondes van die hele mensdom deur sy bloed te stort en sy lewe te gee op die kruis (Matt. 2:1; 1 Ne. 11:13–33; 3 Ne. 27:13–16; L&V 76:40–42). Hy het opgestaan uit die dode om aldus die uiteindelike opstanding van die hele mensdom te verseker. Deur Jesus se Versoening en Opstanding sal diegene wat bekeer van hulle sondes en God se gebooie onderhou, vir ewig kan leef met Jesus en die Vader (2 Ne. 9:10–12; 21–22; L&V 76:50–53, 62).

Jesus Christus is die grootste wese

wat gebore is op hierdie aarde. Sy lewe is die volmaakte voorbeeld van hoe die hele mensdom behoort te lewe. Alle gebede, seëninge en priesterskapordinansies moet in sy Naam gedoen word. Hy is die Here van die here, Koning van die konings, die Skepper, die Saligmaker en die God van die hele aarde.

Jesus Christus sal weer kom met mag en heerlikheid om op die aarde te heers gedurende die Millennium. Op die laaste dag sal Hy die hele mensdom oordeel (Alma 11:40–41; JS—M 1).

*Opsomming van sy lewe (in kronologiese volgorde):* Jesus se geboorte en sending is voorspel, **Lk.** 1:26–38 (Jes. 7:14; 9:6–7; 1 Ne. 11). Is gebore, **Lk.** 2:1–7 (Matt. 1:18–25). Is besny, **Lk.** 2:21. Is in die tempel voorgestel, **Lk.** 2:22–38. Is deur die wyse manne besoek, **Matt.** 2:1–12. Josef en Maria het met Hom gevlug na Egipte, **Matt.** 2:13–18. Is na Násaret gebring, **Matt.** 2:19–23. Het die tempel op twaalfjarige ouderdom besoek, **Lk.** 2:41–50. Het broers en susters gehad, **Matt.** 13:55–56 (Mark. 6:3). Is gedoop, **Matt.** 3:13–17 (Mark. 1:9–11; Lk. 3:21–22). Is deur die duiwel versoek, **Matt.** 4:1–11 (Mark. 1:12–13; Lk. 4:1–13). Het sy dissipels geroep, **Matt.** 4:18–22 (Matt. 9:9; Mark. 1:16–20; 2:13–14; Lk. 5:1–11, 27–28; 6:12–16; Joh. 1:35–51). Het die Twaalf opdrag gegee, **Matt.** 10:1–4 (Mark. 3:13–19; Lk. 6:12–16). Het die Bergpredikasie gegee, **Matt.** 5–7. Het sy eie dood en opstanding voorspel, **Matt.** 16:21 (Matt. 17:22–23; 20:17–19; Mark. 8:31; 9:30–32; 10:32–34; Lk. 9:22; 18:31–34). Het transfigurasie ondergaan, **Matt.** 17:1–9 (Mark. 9:2–8; Lk. 9:28–36). Het die sewentigs uitgestuur, **Lk.** 10:1–20. Het sy triomfantelike intog in Jerusalem gemaak, **Matt.** 21:1–11 (Mark. 11:1–11; Lk. 19:29–40; Joh. 12:12–15). Het die nagmaal ingestel, **Matt.** 26:26–29 (Mark. 14:22–25; Lk. 22:19–20). Het gely en gebid in Getsémane, **Matt.** 26:36–46 (Mark. 14:32–42; Lk. 22:39–46). Is verraai, in hegtenis geneem en verlaat, **Matt.** 26:47–56 (Mark. 14:43–53; Lk. 22:47–54; Joh. 18:2–13). Is gekruisig, **Matt.** 27:31–54 (Mark. 15:20–41; Lk. 23:26–28, 32–49; Joh. 19:16–30). Het opgestaan, **Matt.** 28:1–8 (Mark. 16:1–8; Lk. 24:1–12; Joh. 20:1–10). Het na sy opstanding verskyn, **Matt.** 28:9–20 (Mark. 16:9–18; Lk. 24:13–48; Joh. 20:11–31; Hand. 1:3–8; 1 Kor. 15:5–8). Het opgevaar na die hemel, **Mark.** 16:19–20 (Lk. 24:51–53; Hand. 1:9–12).

Het aan die Nefiete verskyn, **3 Ne.** 11:1–17 (3 Ne. 11–26).

Het aan Joseph Smith verskyn, **JS—G** 1:15–20.

*Christus se heerskappy in die Millennium:* Die heerskappy is op sy skouer, **Jes.** 9:5 (2 Ne. 19:6). Ek kom om in jou midde te woon, spreek die Here, **Sag.** 2:10–12 (Sag. 14:9).

God sal aan Jesus die troon van sy vader Dawid gee, **Lk.** 1:30–33. Christus sal tot in alle ewigheid heers, **Openb.** 11:15. Die Heiliges sal met Christus ′n duisend jaar lank heers, **Openb.** 20:4 (L&V 76:63).

Vanweë die regverdigheid van die volk sal Satan geen mag hê nie, **1 Ne.** 22:26 (Openb. 20:1–3).

Ek sal in regverdigheid met die mens op aarde ′n duisend jaar woon, **L&V** 29:11 (L&V 43:29–30). Laat hom onderdanig wees aan die magte wat heers, totdat Hy heers wie se reg dit is om te heers, **L&V** 58:22 (1 Kor. 15:25).

Christus sal persoonlik op die aarde heers, **Gel. Art.** 1:10 (Jes. 32:1).

*Gesag:* Die heerskappy is op sy skouers, **Jes.** 9:5 (2 Ne. 19:6).

Hy het hulle geleer soos een wat gesag het, **Matt.** 7:28–29 (Mark. 1:22). Die Seun van die mens het mag om sondes te vergewe op die aarde, **Matt.** 9:6. Jesus het met gesag aan die onreine geeste bevel gegee en hulle het Hom gehoorsaam, **Mark.** 1:27 (Lk. 4:33–36). Jesus het twaalf geordineer om mag te hê, **Mark.** 3:14–15. Jesus se woord was met gesag, **Lk.** 4:32. Die Vader het die hele oordeel

aan die Seun gegee, **Joh.** 5:22, 27. God het Jesus met die Heilige Gees en met krag gesalf, **Hand.** 10:38. Christus is voorafverordineer voor die grondlegging van die wêreld, **1 Petr.** 1:20 (Ether 3:14). Christus het die sleutels van die doderyk en van die dood, **Openb.** 1:18.

Alle mense word onderworpe aan Christus, **2 Ne.** 9:5. Jesus Christus, die Seun van God, is die Vader van die hemel en die aarde, die Skepper van alle dinge vanaf die begin, **Hel.** 14:12.

Christus het gekom deur die wil van die Vader om sy wil te doen, **L&V** 19:24. Jesus het ′n volheid van die heerlikheid van die Vader ontvang, en Hy het alle mag ontvang, **L&V** 93:3–4, 16–17 (Joh. 3:35–36).

*Getuienis gegee van Jesus Christus:* Paulus het getuig dat Jesus die Christus is, **Hand.** 18:5. Selfs die bose geeste het getuig dat hulle Jesus geken het, **Hand.** 19:15. Niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees, **1 Kor.** 12:3. Elke knie sal buig en elke tong bely dat Jesus Christus die Here is, **Filip.** 2:10–11.

Ons spreek van Christus, ons verbly ons in Christus, ons preek van Christus, ons profeteer van Christus, **2 Ne.** 25:26. Die Boek van Mormon is om die Jood en die nie-Jood te oortuig dat Jesus die Christus is, **2 Ne.** 26:12 (Titelbadsy van die Boek van Mormon). Die profete en die skrifture getuig van Christus, **Jakob** 7:11, 19. Soek hierdie Jesus van wie die profete en apostels geskryf het, **Ether** 12:41.

Ons het Hom gesien en het die stem gehoor wat getuig dat Hy die Eniggeborene is, **L&V** 76:20–24. Dit is ewige lewens—om God en Jesus Christus te ken, **L&V** 132:24.

Ons glo in God die Ewige Vader, en in sy Seun, Jesus Christus, **Gel. Art.** 1:1. Ons glo dat Christus persoonlik sal heers op die aarde, **Gel. Art.** 1:10.

*Heerlikheid van Jesus Christus:* Die heerlikheid van die Here het die Tabernakel gevul, **Ex.** 40:34–38. Die hele aarde is vol van sy heerlikheid, **Jes.** 6:3 (2 Ne. 16:3). Die heerlikheid van die Here gaan oor jou op, **Jes.** 60:1–2.

Die seun van die mens sal in die heerlikheid van sy Vader kom, **Matt.** 16:27. Verheerlik My met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was, **Joh.** 17:5.

Die Heilige Een van Israel moet in groot heerlikheid heers, **1 Ne.** 22:24. Ons het ′n hoop van sy heerlikheid gehad, **Jakob** 4:4. Die Seun van God kom in sy heerlikheid, **Alma** 5:50. Hy het alle dinge uitgelê, vanaf die begin totdat Hy sal kom in sy heerlikheid, **3 Ne.** 26:3.

My Apostels sal geklee staan in heerlikheid net soos Ek is, **L&V** 29:12 (L&V 45:44). Ons het die heerlikheid van die Seun aanskou, aan die regterhand van die Vader, **L&V** 76:19–23. Johannes het gesien en getuig van die volheid van my heerlikheid, **L&V** 93:6 (Joh. 1:14). Sy gelaat het geskyn bó die helderheid van die son, **L&V** 110:3.

Sy heerlikheid was op my, en ek het sy gesig gesien, **Moses** 1:1–11. Dit is my werk en my heerlikheid, **Moses** 1:39.

*Hoof van die Kerk:* Christus is die hoof van die Kerk, **Efés.** 5:23 (Efés. 1:22; 4:15). Hy is die hoof van die liggaam, die Kerk, **Kol.** 1:18.

Dit is my Kerk, **Mosia** 26:22 (Mosia 27:13). Christus was die oorsprong en die voleinder van hul geloof, **Moro.** 6:1–4.

Hierdie Kerk het Ek opgerig, **L&V** 33:5 (3 Ne. 27:3–8).

*Nadoodse verskynings van Christus:* Nadat Jesus opgestaan het, het Hy eers verskyn aan Maria, **Mark.** 16:9 (Joh. 20:11–18). Jesus het geloop en gepraat met twee van die dissipels op pad na Émmaüs, **Lk.** 24:13–34. Jesus het aan die Apostels verskyn wat sy hande en voete gevoel het, **Lk.** 24:36–43 (Joh. 20:19–20). Jesus het aan Thomas verskyn, **Joh.** 20:24–29. Jesus het aan die dissipels verskyn by die See van Tibérias,

**Joh.** 21:1–14. Jesus het vir veertig dae na sy opstanding gedien, **Hand.** 1:2–3. Stéfanus het Jesus gesien staan aan die regterhand van God, **Hand.** 7:55–56. Jesus het aan Saul verskyn, **Hand.** 9:1–8 (JSV, Hand. 9:7; Hand. 26:9–17). Christus is gesien deur meer as 500 mense, **1 Kor.** 15:3–8.

Jesus Christus het Homself getoon aan die volk van Nefi, **3 Ne.** 11:1–17. 2,500 mense het Jesus gesien en gehoor, **3 Ne.** 17:16–25. Mormon is deur die Here besoek, **Morm.** 1:15.

Joseph Smith en Sidney Rigdon het Jesus gesien aan die regterhand van God, **L&V** 76:22–23. Joseph Smith en Oliver Cowdery het die Here gesien in die Kirtland Tempel, **L&V** 110:1–4.

Joseph Smith het Jesus gesien, **JS—G** 1:15–17.

*Om die Naam van Jesus Christus op ons te neem:* Daar is ook geen ander naam onder die hemel waardeur ons gered moet word nie, **Hand.** 4:12 (2 Ne. 31:21). Die Apostels was verheug dat hulle waardig geag was om vir sy Naam oneer te ly, **Hand.** 5:38–42. En dit is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo, **1 Joh.** 3:23.

Getuig dat julle gewillig is om die Naam van Christus op julle te neem deur die doop, **2 Ne.** 31:13. Ek wil hê dat julle op julle die Naam van Christus moet neem, **Mosia** 5:6–12 (Mosia 1:11). Wie ook al begerig was om die Naam van Christus op hulle te neem, het by die Kerk van God aangesluit, **Mosia** 25:23. Al diegene wat ware gelowiges in Christus was, het die Naam van Christus op hulle geneem, **Alma** 46:15. Die poort van die hemel is oop vir diegene wat sal glo in die Naam van Jesus Christus, **Hel.** 3:28. Geseënd is hy wat op die laaste dag getrou bevind word aan sy Naam, **Ether** 4:19. Hulle is gewillig om die Naam van die Seun op hulle te neem, **Moro.** 4:3 (L&V 20:77).

Neem op jou die Naam van Christus, **L&V** 18:21–25.

*Profesieë aangaande die geboorte en dood van Jesus Christus:* Die maagd sal swanger word en ʼn seun baar, **Jes.** 7:14 (1 Ne. 11:13–20). Uit Betlehem sal daar vir My uitgaan een wat ʼn Heerser in Israel sal wees, **Miga** 5:1.

Samuel die Lamaniet het geprofeteer van ʼn dag, ʼn nag, en ʼn dag van lig; ʼn nuwe ster, en ander tekens, **Hel.** 14:2–6. Samuel die Lamaniet het duisternis geprofeteer, donder en weerlig en die aarde sal skud, **Hel.** 14:20–27. Die tekens van Jesus se geboorte is vervul, **3 Ne.** 1:15–21. Die tekens van Jesus se dood is vervul, **3 Ne.** 8:5–23.

*Regter:* Hy sal die wêreld oordeel in geregtigheid, **Ps.** 9:9 (3 Ne. 27:16). Hy kom om die aarde te oordeel, **Ps.** 96:13. God sal die regverdige en die goddelose oordeel, **Pred.** 3:17. Hy sal oordeel tussen die nasies, **Jes.** 2:4 (Miga 4:3; 2 Ne. 12:4). Met geregtigheid sal Hy die armes oordeel, **Jes.** 11:2–4.

Die Vader het die hele oordeel aan die Seun oorgegee, **Joh.** 5:22. En al oordeel Ek, my oordeel is waar, **Joh.** 8:16. Hy is deur God bestem as Regter van lewende en dode, **Hand.** 10:42 (2 Tim. 4:1). God sal die verborge dinge van die mense oordeel deur Jesus Christus, **Rom.** 2:16. Ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word, **Rom.** 14:10 (2 Kor. 5:10; Alma 12:12; Morm. 3:20; 7:6; Ether 12:38; L&V 135:5).

Alle mense kom tot God om deur Hom geoordeel te word volgens die waarheid en heiligheid wat in Hom is, **2 Ne.** 2:10. Staan voor God om geoordeel te word volgens dade, **Alma** 5:15 (Alma 12:15; 33:22; 3 Ne. 27:14).

God en Christus is die regter van almal, **L&V** 76:68.

*Vooraardse bestaan van Christus:* Die Here het aan Abram verskyn, **Gén.** 12:7 (Gén. 17:1; 18:1; Abr. 2:6–8). Die Here het met Moses van aangesig tot aangesig gespreek, **Ex.** 33:11 (Deut. 34:10; Moses 1:1–2). Ek het die Here by die altaar sien staan, **Amos** 9:1.

In die begin was die Woord by God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon, **Joh.** 1:1, 14 (1 Joh. 1:1–3). Voordat Abraham was, is Ek, **Joh.** 8:58. Verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was, **Joh.** 17:5.

Jesaja het waarlik my Verlosser gesien, soos ek en my broer, Jakob Hom gesien het, **2 Ne.** 11:2–3. Môre kom Ek in die wêreld, **3 Ne.** 1:12–14. Christus was voordat die wêreld begin het, **3 Ne.** 26:5 (Joh. 6:62). Soos Ek aan jou verskyn, sal Ek aan my volk verskyn in die vlees, **Ether** 3:14–17.

Henog het die Here gesien en met Hom gewandel, **L&V** 107:48–49.

My Geliefde Seun wat my Geliefde en Uitverkorene was vanaf die begin, **Moses** 4:2. Die Here het gesê: Wie sal Ek stuur? En een soos die Seun van die Mens het geantwoord: Hier is ek, stuur my, **Abr.** 3:27.

*Voorafskaduwings of simbole van Christus:* Abel het die eersgeborenes van sy kleinvee geoffer, **Gén.** 4:4 (Moses 5:20). Neem jou enigste seun, Isak, en offer hom as ʼn offerande, **Gén.** 22:1–13 (Jakob 4:5). Die Here het die kinders van Israel beveel om lammers sonder gebrek te offer, **Ex.** 12:5, 21, 46 (Núm. 9:12; Joh. 1:29; 19:33; 1 Petr. 1:19; Openb. 5:6). Dit is die brood wat die Here jou gegee het om te eet, **Ex.** 16:2–15 (Joh. 6:51). Slaan die rots, en daar sal water uitkom, dat die volk kan drink, **Ex.** 17:6 (Joh. 4:6–14; 1 Kor. 10:1–4). Die bok sal op hom al hulle ongeregtighede dra, **Lev.** 16:20–22 (Jes. 53:11; Mosia 14:11; 15:6–9). Moses het ʼn slang van koper opgehef om diegene te red wat daarna kyk, **Núm.** 21:8–9 (Joh. 3:14–15; Alma 33:19; Hel. 8:14–15). Jona was in die ingewande van die vis vir drie dae, **Jona** 1:17 (Matt. 12:40).

Hierdie ding is ʼn sinnebeeld van die offer van die Eniggeborene van die Vader, **Moses** 5:4–8.

*Voorbeeld van Jesus Christus:* Ek het aan julle ʼn voorbeeld gegee, **Joh.** 13:15. Ek is die weg en die waarheid en die lewe, **Joh.** 14:6. Christus het ook vir julle gely en julle ʼn voorbeeld nagelaat, sodat julle sy voetstappe kan navolg, **1 Petr.** 2:21.

Tensy ʼn mens die voorbeeld van die Seun van die lewende God volg, kan hy nie gered word nie, **2 Ne.** 31:16. Ek wil hê dat julle volmaak moet wees, net soos Ek, **3 Ne.** 12:48. Dit sal julle altyd nastreef om te doen, net soos Ek gedoen het, **3 Ne.** 18:6. Ek het vir julle ʼn voorbeeld gestel, **3 Ne.** 18:16. Die werke wat julle My gesien doen het, dit sal julle ook doen, **3 Ne.** 27:21, 27. Ware volgelinge van Jesus Christus sal soos Hy wees, **Moro.** 7:48.

**Jetro.** *Sien ook* Moses

ʼn Ou Testamentiese prins en priester van Midian wat aan Moses ʼn tuiste gegee het nadat Moses uit Egipte gevlug het. Hy word ook Réhuel genoem (Ex. 2:18). Later het Moses met Jetro se dogter, Sippóra, getrou (Ex. 3:1; 4:18; 18:1–12). Jetro het vir Moses geleer om te delegeer (Ex. 18:13–27). Moses het die Melgisédekse Priesterskap van Jetro ontvang (L&V 84:6–7).

**Job**

In die Ou Testament, ʼn regverdige man wat geweldige beproewinge gely het en tog getrou gebly het aan sy geloof in God. Sy verhaal word vertel in die boek van Job.

*Die boek van Job:* Alhoewel die boek handel oor Job se lyding, beantwoord dit nie heeltemal die vraag van hoekom Job (of enige ander persoon) pyn en die verlies van sy gesin en goedere mag ly nie. Die boek maak dit duidelik dat om beproewinge te hê, nie noodwendig beteken dat ʼn persoon gesondig het nie. Die Here mag beproewing gebruik vir ervaring, dissipline en onderrig sowel as vir straf (L&V 122).

Die boek kan in vier dele verdeel word. Hoofstuk 1–2 is ʼn inleiding tot

die verhaal. Hoofstuk 3–31 vertel van ’n reeks besprekings tussen Job en drie vriende. Hoofstuk 32–37 bevat die gesprekke van Elíhu, ’n vierde vriend wat Job veroordeel om ander redes as die eerste drie vriende. Hoofstuk 38–42 sluit die boek af met ’n versekering aan Job dat sy lewensloop ’n goeie een was vanaf die begin.

Die boek van Job leer dat as ’n persoon ’n juiste kennis van God het en ’n lewe leef wat aanvaarbaar is vir God, hy beter in staat sal wees om die beproewinge te verduur wat oor hom sal kom. Job se onfeilbare geloof word gekenmerk deur sulke uitroepe soos “Al wil Hy my ombring—ek hoop op Hom” (Job 13:15). Job word ook genoem in Eségiël 14:14; Jakobus 5:11; Leer en Verbonde 121:10.

**Jode.** *Sien ook* Israel; Juda

Jode kan (1) afstammelinge van Juda wees, een van die twaalf seuns van Jakob, (2) mense van die voortydse suidelike koninkryk van Juda, of (3) mense wat die geloof, lewenstyle en oorlewerings van Judaïsme beoefen, maar mag Joods vanaf geboorte wees of nie wees nie. Dit is gebruiklik om die woord *Jood* te gebruik om te verwys na al die afstammelinge van Jakob, maar dit is ’n fout. Dit moet beperk word tot diegene van die koninkryk van Juda, of meer spesifiek vandag, diegene van die stam van Juda en sy deelgenote.

Die septer sal van Juda nie wyk nie totdat Silo kom, **Gén.** 49:10.

Die evangelie van Christus is ’n krag van God tot redding, eerste vir die Jood, **Rom.** 1:16.

’n Profeet sal die Here opwek onder die Jode—en wel ’n Messias, **1 Ne.** 10:4. Toe die boek voortgekom het uit die mond van die Jood, was die dinge duidelik en suiwer, **1 Ne.** 14:23. Die Jode sal verstrooi word onder alle nasies, **2 Ne.** 25:15. Die Jode is my voortydse verbondsvolk, **2 Ne.** 29:4. Jode wat verstrooi is, sal begin om te glo in Christus, **2 Ne.** 30:7. Die Jode sal die steen verwerp waarop hulle kan bou, **Jakob** 4:14–16. Die Jode sal ander getuies hê dat Jesus die werklike Christus was, **Morm.** 3:20–21.

Twee profete sal vir die Joodse volk verwek word in die laaste dae, **L&V** 77:15. Besoek alle nasies, eers die nie-Jode, dan die Jode, **L&V** 133:8.

In daardie dae sal daar groot verdrukking wees van die Jode, **JS—M** 1:18.

**Joël**

’n Profeet in die land Juda in die Ou Testament. Die datum van sy lewe is onseker—hy mag geleef het iewers tussen die heerskappy van Joas, voor 850 v.C. en die terugkeer van die stam van Juda uit slawerny in Babilon.

*Die boek van Joël:* Die hooftema van die boek is ’n profesie wat Joël gemaak het nadat die land Juda met ’n geweldige droogte en met sprinkane getref is (Joël 1:4–20). Joël het die volk verseker dat deur bekering hulle weer die seëninge van God sou ontvang (Joël 2:12–14).

Hoofstuk 1 is ’n oproep tot ’n gewyde vergadering in die huis van die Here. Hoofstuk 2 vertel van oorlog en verwoesting wat die Millennium vooraf sal gaan. Hoofstuk 3 praat van die laaste dae en bevestig dat alle nasies oorlog sal maak maar dat die Here uiteindelik in Sion sal woon.

Petrus het Joël se profesie aangehaal van die uitstorting van die Gees op Pinksterdag (Joël 2:28–32; Hand. 2:16–21). Die engel Moroni het ook dieselfde gedeelte vir Joseph Smith aangehaal (JS—G 1:41).

**Johannes die Doper.** *Sien ook* Äároniese Priesterskap; Elías

Die seun van Sagaría en Elisabet in die Nuwe Testament. Johannes is gestuur om die mense voor te berei om die Messias te ontvang (Joh. 1:19–27). Hy het die sleutels van die Äároniese

Priesterskap gehou en het Jesus Christus gedoop.

Jesaja en andere het geprofeteer van Johannes se sending, **Jes.** 40:3 (Mal. 3:1; 1 Ne. 10:7–10; 2 Ne. 31:4).

Was in die gevangenis gewerp en onthoof, **Matt.** 14:3–12 (Mark. 6:17–29). Gabriël het Johannes se geboorte en sending aan Sagaría bekend gemaak, **Lk.** 1:5–25. Jesus het geleer dat Johannes die Doper 'n groot profeet was, **Lk.** 7:24–28. Het Jesus as die Seun van God herken, **Joh.** 1:29–34. Johannes se dissipels het Jesus se dissipels geword, **Joh.** 1:25–29, 35–42 (Hand. 1:21–22). Het geen wonderwerke gedoen nie, **Joh.** 10:41.

As 'n herrese wese is hy gestuur om Joseph Smith en Oliver Cowdery te ordineer tot die Ääroniese Priesterskap, **L&V** 13 (L&V 27:7–8; JS—G 1:68–72). Is deur 'n engel geordineer toe hy agt dae oud was, **L&V** 84:28.

**Johannes, Seun van Sebedéüs.**

*Sien ook* Apostel; Evangelies; Getransfigureerde Wesens; Melgisédekse Priesterskap; Openbaring van Johannes

Een van die Twaalf Apostels in die Nuwe Testament, 'n seun van Sebedéüs en 'n broer van Jakobus. In sy vroeëre lewe was hy 'n visserman (Mark. 1:17–20). Hy is waarskynlik die ongenoemde dissipel van Johannes die Doper wat genoem word in Johannes 1:40. Later het hy 'n roeping ontvang om 'n dissipel van Jesus Christus te wees (Matt. 4:21–22; Lk. 5:1–11). Hy het die evangelie van Johannes, drie sendbriewe en die boek van Openbaring geskryf. Hy was een van drie wat met die Here was by die opwekking van Jaïrus se dogter (Mark. 5:35–42), by die Berg van Transfigurasie (Matt. 17:1–9) en in Getsémané (Matt. 26:36–46). In sy eie geskrifte verwys hy na homself as die dissipel wat deur Jesus liefgehad is (Joh. 13:23; 21:20) en as die "ander dissipel" (Joh. 20:2–8). Jesus het ook vir hom en sy broer Boanérges genoem, "seuns van die donder" (Mark. 3:17). Daar is talle verwysings na hom in die verslae van die Kruisiging en Opstanding (Lk. 22:8; Joh. 18:15; 19:26–27; 20:2–8; 21:1–2). Johannes is later verban na Patmos waar hy die boek Openbaring geskryf het (Openb. 1:9).

Johannes word dikwels genoem in openbarings van die laaste dae (1 Ne. 14:18–27; 3 Ne. 28:6; Ether 4:16; L&V 7; 27:12; 61:14; 77; 88:141). Hierdie gedeeltes bevestig die Bybelse kroniek van Johannes en verskaf ook insig in sy grootheid en die belangrikheid van die werk wat die Here hom gegee het om op die aarde te doen in Nuwe Testamentiese tye en in die laaste dae. Die skrifture van die laaste dae verduidelik dat Johannes nie gesterf het nie, maar toegelaat is om op die aarde te vertoef as 'n dienende kneg tot die tyd van die Here se Tweede Koms (Joh. 21:20–23; 3 Ne. 28:6–7; L&V 7).

*Die sendbriewe van Johannes:* Alhoewel die skrywer van hierdie drie sendbriewe homself nie by die naam noem nie, kom die taal só sterk ooreen met dié van Johannes die Apostel dat daar aanvaar word dat hy aldrie geskryf het.

1 Johannes 1 vermaan die Heiliges om te streef na gemeenskap met God. Hoofstuk 2 benadruk dat die Heiliges God ken deur gehoorsaamheid, en onderrig hulle om nie die wêreld lief te hê nie. Hoofstuk 3 roep almal om die kinders van God te word en om mekaar lief te hê. Hoofstuk 4 verduidelik dat God liefde is en by hulle woon wat Hom liefhet. Hoofstuk 5 verduidelik dat Heiliges gebore is uit God deur geloof in Christus.

2 Johannes is soortgelyk aan 1 Johannes. Daarin is Johannes verheug vanweë die getrouheid van die kinders van "die uitverkore dame."

3 Johannes prys 'n persoon genaamd Gajus vir sy getrouheid en hulp aan diegene wat die waarheid liefhet.

*Die Evangelie van Johannes:* In hierdie

Nuwe Testamentiese boek het Johannes die Apostel getuig dat (1) Jesus die Christus of die Messias is en (2) Jesus die Seun van God is (Joh. 20:31). Die tonele van Jesus se lewe wat hy beskryf is versigtig gekies en gerangskik met hierdie doel voor oë. Die boek begin met ′n verklaring van Christus se status in die vooraardse bestaan. Hy was by God, Hy was God, en Hy is die Skepper van alle dinge. Hy is gebore in die vlees as die Eniggebore Seun van die Vader. Johannes teken die geskiedenis van Jesus se bedienings op, en benadruk grootliks sy goddelikheid en sy opstanding uit die dode. Hy bevestig duidelik dat Jesus die Seun van God is, gestaaf deur wonderwerke, deur getuies, deur die profete en deur Christus se eie stem. Johannes onderrig deur lig en duisternis, waarheid en foute (vergissing), goed en boos, God en die duiwel te kontrasteer. Moontlik word daar in geen ander kroniek die heiligheid van Jesus en die ongeloof van die Joodse heersers so duidelik aangedui nie.

Johannes het hoofsaaklik oor Christus se bediening in Judéa geskryf, veral die laaste week van sy aardse bediening in Galiléa, terwyl Matthéüs, Markus en Lukas hoofsaaklik oor sy bediening in Galiléa geskryf het. Verskeie aspekte van hierdie Evangelie is opgeklaar deur openbarings van die laaste dae (L&V 7 en L&V 88:138–141).

Vir ′n lys van gebeure in die Saligmaker se lewe beskryf in die Evangelie van Johannes, sien Ooreenstemming van die Evangelies in die bylae.

*Die boek van Openbaring: Sien* Openbaring van Johannes

**Jona.** *Sien ook* Ninevé

′n Ou Testamentiese profeet wat deur die Here geroep is om bekering te preek vir die stad Ninevé (Jona 1:1–2).

*Die boek van Jona:* ′n Boek in die Ou Testament wat vertel van ′n ervaring in Jona se lewe. Jona het waarskynlik nie self die boek geskryf nie. Die hoof-idee van die boek van Jona is dat Jehova oral heers en nie sy liefde tot ′n enkele nasie of volk beperk nie.

In hoofstuk 1 het die Here vir Jona geroep om vir Ninevé te preek. In plaas van om te doen soos die Here beveel het, het Jona per boot gevlug en is ingesluk deur ′n groot vis. In hoofstuk 2 het Jona tot die Here gebid en die vis het vir Jona uitgebraak op droë grond. Hoofstuk 3 vertel dat Jona na Ninevé gegaan het en van die stad se ondergang geprofeteer het. Die volk het egter bekeer. In hoofstuk 4 het die Here vir Jona berispe omdat hy kwaad was dat die Here die volk gered het.

Jesus het geleer dat die insluk van Jona deur die vis ′n voorafskaduwing was van Jesus se eie dood en opstanding (Matt. 12:39–40; 16:4; Lk. 11:29–30).

**Jónatan.** *Sien ook* Dawid; Saul, Koning van Israel

In die Ou Testament, ′n seun van Saul, koning van Israel. Jónatan was ′n hegte vriend van Dawid (1 Sam. 13–23; 31).

**Jordaanrivier**

Die Jordaanrivier vloei vanaf die see van Galiléa tot by die Dooie See. Die rivier is 160 kilometer lank en word gevorm deur die samevloeiing van verskeie fonteine wat vanaf Berg Hermon vloei. Dit is die belangrikste rivier in Israel.

Twee belangrike gebeurtenisse wat met hierdie rivier verbind word, is die Here se skeiding van die rivierwaters vir die oorgang van Israel (Jos. 3:14–17) en die doop van Jesus Christus (Matt. 3:13–17; 1 Ne. 10:9).

**Jósafat**

In die Ou Testament, ′n getroue koning van Juda (1 Kon. 15:24; 22).

**Josef van Arimathéa**

Josef van Arimathéa was ′n lid van

die Sanhedrin, 'n dissipel van Christus, en 'n ryk en getroue Israeliet wat geen deel gehad het aan die veroordeling van ons Here nie. Na die Kruisiging het Josef die Saligmaker se liggaam laat toedraai in 'n skoon linnekleed en het Hom in Josef se eie uitgekapte rotsgraf neergelê (Matt. 27:57–60; Mark. 15:43–46; Lk. 23:50–53; Joh. 19:38–42).

**Josef, Eggenoot van Maria.** *Sien ook* Jesus Christus; Maria, Moeder van Jesus

Eggenoot van Maria, moeder van Jesus. Josef was 'n afstammeling van Dawid (Matt. 1:1–16; Lk. 3:23–38) en het in Násaret gewoon. Hy was verloof aan Maria. Net voor hulle huwelik het Maria 'n besoek ontvang van die engel Gabriël, wat aangekondig het dat Maria gekies is om die moeder van die Saligmaker te wees (Lk. 1:26–35). Josef het ook openbaring ontvang oor hierdie goddelike geboorte (Matt. 1:20–25).

Maria was Jesus se enigste aardse ouer omdat God die Vader Jesus se vader was. Maar die Jode het gedink Josef is Jesus se vader en Jesus het hom as sodanig behandel (Lk. 2:48, 51). Josef is gewaarsku deur hemelse drome en het die baba Jesus se lewe bewaar deur na Egipte te vlug (Matt. 2:13–14). Nadat Herodus gesterf het, het 'n engel vir Josef opdrag gegee om die Christuskind terug te neem na Israel (Matt. 2:19–23).

**Josef, Seun van Jakob.** *Sien ook* Israel; Jakob, Seun van Isak

In die Ou Testament, die eersgebore seun van Jakob en Ragel (Gén. 30:22–24; 37:3).

Josef het die geboortereg in Israel ontvang omdat Ruben, die eersgebore seun van Jakob se eerste vrou, die voorreg verbeur het deur oortreding (1 Kron. 5:1–2). Omdat hy waardig was, was Josef as die eersgebore seun van Jakob se tweede vrou, die volgende aanspraakmaker op die seëning. Josef het ook 'n seëning ontvang van sy vader kort voordat Jakob gesterf het (Gén. 49:22–26).

Josef was 'n man van groot integriteit, 'n individu wat "verstandig en wys" was (Gén. 41:39). Sy verwerping van Pótifar se vrou is 'n voorbeeld van geloof, kuisheid en persoonlike integriteit (Gén. 39:7–12). In Egipte, toe Josef sy ware identiteit geopenbaar het aan sy broers, het hy hulle bedank in plaas van te blameer oor hoe hulle hom behandel het. Hy het geglo dat hulle optrede gehelp het om God se goddelike wil te verwesenlik (Gén. 45:4–15).

Openbarings van die laaste dae maak die belangriker roeping van Josef se familie in die laaste dae bekend (JSV, Gén. 50:24–38 [Bylae]; 2 Ne. 3:3–24; 3 Ne. 20:25–27).

Jakob was baie lief vir Josef en het aan hom 'n lang rok van vele kleure gegee, **Gén.** 37:3. Vanweë jaloesie het Josef se broers hom begin haat en het beplan om hom dood te maak, maar in plaas daarvan, het hulle hom aan koopmans verkoop wat op weg was na Egipte, **Gén.** 37:5–36. In Egipte het die Here vir Josef laat vooruitgaan en hy het 'n heerser van Pótifar se huis geword, **Gén.** 39:1–4. Pótifar se vrou het gelieg en gesê dat Josef probeer het om haar te verlei; Josef was verkeerdelik veroordeel en in die gevangenis gewerp, **Gén.** 39:7–20. Josef het die drome van Farao se hoofskinker en bakker uitgelê, **Gén.** 40. Farao het vir Josef begin bevoordeel omdat Josef een van Farao se drome uitgelê het, hy het vir Josef 'n heerser gemaak oor Egipte, **Gén.** 41:14–45. Efraim en Manasse is gebore, **Gén.** 41:50–52. Josef is herenig met sy vader en broers, **Gén.** 45–46. Josef het in Egipte gesterf op die ouderdom van 110 jaar, **Gén.** 50:22–26.

**Josef, Stok van.** *Sien* Boek van Mormon; Efraim—Die stok van Efraim of Josef

**Joseph Smith Jr.** *Sien* Smith, Joseph, Jr.

**Joseph Smith Vertaling (JSV).** *Sien ook* Smith, Joseph, Jr.

ʼn Hersiening of vertaling van die King James-weergawe van die Bybel in Engels, waarmee die Profeet Joseph Smith begin het in Junie 1830. Hy is deur God beveel om die vertaling te maak en het dit beskou as deel van sy roeping as ʼn profeet.

Alhoewel Joseph die meeste van die vertaling voltooi het teen Julie 1833, het hy aangehou tot sy dood in 1844 om veranderings te maak terwyl hy ʼn manuskrip voorberei het vir publikasie. Hoewel hy sommige dele van die vertaling gedurende sy lewe gepubliseer het, is dit moontlik dat hy verdere veranderings sou gemaak het as hy sou geleef het om die hele werk te publiseer. Die Hergeorganiseerde Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae het die eerste uitgawe van Joseph Smith se geïnspireerde vertaling gepubliseer in 1867. Hulle het verskeie uitgawes gepubliseer sedert daardie tyd.

Die Profeet het baie dinge geleer gedurende die vertalingsproses. Verskeie afdelings van die Leer en Verbonde is ontvang as gevolg van sy vertalingswerk (soos L&V 76; 77; 91; en 132). Ook het die Here vir Joseph spesifieke opdragte gegee vir die vertaling wat opgeteken is in die Leer en Verbonde (L&V 37:1; 45:60–61; 76:15–18; 90:13; 91; 94:10; 104:58; 124:89). Die boek van Moses en Joseph Smith—Matthéüs, wat nou ingesluit is in die Pêrel van Groot Waarde, is direk geneem van die Joseph Smith Vertaling.

Die Joseph Smith vertaling het sommige van die duidelike en kosbare dinge herstel wat verlore gegaan het uit die Bybel (1 Ne. 13). Hoewel dit nie die amptelike Bybel van die Kerk is nie, bied hierdie vertaling baie interessante insigte en is van groot nut om die Bybel te verstaan. Dit is ook ʼn getuie van die goddelike roeping en bediening van die Profeet Joseph Smith.

**Josía**

ʼn Regverdige koning van Juda vanaf 641–610 v.C. (2 Kon. 22–24; 2 Kron. 34–35). Gedurende sy heerskappy was die boek van die wet in die huis van die Here (2 Kon. 22:8–13).

**Josua.** *Sien ook* Jérigo

ʼn Ou Testamentiese profeet en leier en die opvolger van Moses. Hy is gebore in Egipte voordat die kinders van Israel ontsnap het (Núm. 14:26–31). Hy en Kaleb was onder die twaalf spioene wat na Kanaän gestuur is. Slegs hulle het ʼn goeie verslag gegee van die land (Núm. 13:8, 16–33; 14:1–10). Hy het op die ouderdom van 110 gesterf (Jos. 24:29). Josua is ʼn baie goeie voorbeeld van ʼn toegewyde profeet-krygsman.

*Die boek van Josua:* Hierdie boek is vernoem na Josua omdat hy die hoofpersoon daarin is en nie omdat hy die skrywer is nie. Hoofstukke 1–12 beskryf die inname van Kanaän; hoofstukke 13–24 vertel van die stamme van Israel wat die land verdeel en van Josua se finale raadgewinge.

Twee belangrike verse in die boek van Josua is die Here se bevel aan hom om oor die skrifture te peins (Jos. 1:8) en Josua se oproep aan die volk om getrou aan die Here te wees (Jos. 24:15).

**Juda.** *Sien ook* Bybel; Israel; Jode

In die Ou Testament, die vierde seun van Jakob en Lea (Gén. 29:35; 37:26–27; 43:3, 8; 44:16; 49:8). Jakob het vir Juda geseën dat hy ʼn natuurlike leier sou wees onder die seuns van Jakob en dat Silo (Jesus Christus) sy afstammeling sal wees (Gén. 49:10).

*Die stam van Juda:* Die stam van Juda het die leiding geneem ná die vestiging in Kanaän. Die hoofmededinger was die stam van Efraim. Moses het die stam van Juda geseën (Deut. 33:7). Na die heerskappy van Salomo het die stam

van Juda die koninkryk van Juda geword.

*Die koninkryk van Juda:* Gedurende die regering van Rehábeam is die heerskappye van Salomo verdeel in twee aparte koninkryke, hoofsaaklik vanweë die jaloesie tussen die stam van Efraim en Juda. Die suidelike koninkryk, of koninkryk van Juda, het die stam van Juda ingesluit en die groter deel van Benjamin. Jerusalem was die hoofstad. Oor die algemeen het Juda getrouer gebly aan die aanbidding van Jehova as die noordelike koninkryk. Juda was minder blootgestel aan ʼn inval uit die noorde en ooste en die oppergesag het in die hande van Dawid se familie gebly tot die Babiloniese slawerny. Die koninkryk van Juda het daarin geslaag om te bestaan vir 135 jaar na die ondergang van die talryker en magtiger koninkryk van Israel.

*Die stok van Juda:* Dit verwys na die Bybel as ʼn kroniek van die huis van Juda (Eség. 37:15–19). In die laaste dae, wanneer die verskillende takke van die huis van Israel versamel word, sal hulle heilige kronieke ook bymekaar gemaak word. Hierdie skriftuurlike kronieke vul mekaar aan en vorm ʼn verenigde getuienis dat Jesus die Christus is, die God van Israel en die God van die hele aarde (JSV, Gén. 50:24–36 [Bylae]; 2 Ne. 3; 29).

**Judas**

In die Nuwe Testament, een van Jesus se broers en waarskynlik die skrywer van die sendbrief van Judas (Matt. 13:55; Judas 1:1).

*Die sendbrief van Judas:* Hierdie boek bestaan uit ʼn brief van Judas aan sekere Heiliges wat verswak het in die geloof. Hulle is verswak deur diegene onder hulle wat voorgegee het om Christene te wees maar wat onsedelike afgodery beoefen het en aanspraak gemaak het om vrygestel te wees om die sedelike wet te gehoorsaam. Judas wou die Heiliges laat ontwaak tot ʼn besef van hulle geestelike gevaar en om hulle aan te moedig om getrou te bly.

Sommige kenmerkende gedeeltes in Judas is vers 6, waarin vertel word van die oorlog in die hemel en die uitwerping van Lucifer en sy engele vanaf daardie vooraardse toestand (Abr. 3:26–28), en vers 14–15, wat ʼn profesie wat Henog gemaak het, aanhaal.

**Judas Iskáriot**

Een van Jesus se Twaalf Apostels in die Nuwe Testament (Matt. 10:4; Mark. 14:10; Joh. 6:71; 12:4). Sy van het beteken "man van Kériot." Hy was van die stam van Juda en was die enigste Apostel wat nie ʼn Galileër was nie. Judas het die Here verraai.

Het dertig stukke silwer ontvang om Christus uit te lewer aan een van die owerpriesters, **Matt.** 26:14–16 (Sag. 11:12–13). Het die Here met ʼn kus verraai, **Matt.** 26:47–50 (Mark. 14:43–45; Lk. 22:47–48; Joh. 18:2–5). Het homself opgehang, **Matt.** 27:5. Satan het in Judas gevaar, **Lk.** 22:3 (Joh. 13:2, 26–30). Dawid het gespreek van Judas se verraad van Jesus, **Hand.** 1:16 (Ps. 41:10).

**Judas, Broer van Jakobus**

In die Nuwe Testament, een van die oorspronklike Twaalf Apostels van Jesus Christus (Lk. 6:13–16). Hy was waarskynlik ook bekend as Lebbéüs Thaddéüs (Matt. 10:2–4).

**Juk.** *Sien ook* Dissipel

ʼn Toestel wat om die nekke van diere of mense gesit is om hulle saam te span. Die juk van Christus is ʼn simbool van dissipelskap, terwyl die juk van slawerny ʼn simbool is van verdrukking.

My juk is sag en my las is lig, **Matt.** 11:29–30. Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, **2 Kor.** 6:14. Laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie, **Gal.** 5:1.

Nóg begeer ons om enigeen te bring onder die juk van knegskap, **Alma** 44:2.

Die lyding van die Heiliges is 'n ystere juk, 'n sterk band en die kettings van die hel, **L&V** 123:1–3, 7–8.

**Kain.** *Sien ook* Abel; Adam; Geheime Organisasies; Moord

'n Seun van Adam en Eva wat sy jonger broer, Abel, gedood het (Gén. 4:1–16).

Sy offerande is deur die Here verwerp, **Gén.** 4:3–7 (Moses 5:5–8, 18–26). Het sy broer Abel gedood, **Gén.** 4:8–14 (Moses 5:32–37). Die Here het 'n vloek oor hom uitgespreek en 'n merk op hom geplaas, **Gén.** 4:15 (Moses 5:37–41).

Adam en Eva het baie seuns en dogters gehad voordat hy gebore was, **Moses** 5:1–3, 16–17. Het Satan liewer gehad as vir God, **Moses** 5:13, 18. Het 'n onheilige verbond gesluit met Satan, **Moses** 5:29–31.

**Kájafas.** *Sien ook* Annas; Sadduseërs

In die Nuwe Testament, 'n hoëpriester en 'n skoonseun van Annas. Kájafas het 'n aktiewe rol vervul om Jesus en sy dissipels teen te staan (Matt. 26:3–4; Joh. 11:47–51; 18:13–14).

**Kaleb**

Een van diegene wat deur Moses gestuur is om die land Kanaän te verken in die tweede jaar na die Exodus (uittog). Slegs hy en Josua het 'n ware verslag teruggebring van die land (Núm. 13:6, 30; 14:6–38). Van almal wat Egipte verlaat het, het slegs hulle die veertig jaar in die wildernis oorleef (Núm. 26:65; 32:12; Deut. 1:36) en het Kanaän binnegegaan (Jos. 14:6–14; 15:13–19).

**Kanaän, Kanaäniet**

In die Ou Testamentiese tye, die vierde seun van Gam, (Gén. 9:22; 10:1, 6) en kleinseun van Noag. *Kanaäniet* verwys na iemand van die land waar Kanaän oorspronklik gewoon het en ook na sy afstammelinge. *Kanaäniet* was ook 'n naam vir die volk wat die laagland langs die Middellandse kus van Filistéa bewoon het. Hierdie naam is somtyds gebruik om al die nie-Israelitiese bewoners te beskryf van die landstreek wes van die Jordaan, wat die Grieke die Feniciërs genoem het.

**Kanon.** *Sien ook* Boek van Mormon; Bybel; Leer en Verbonde; Pêrel van Groot Waarde; Skrifture

'n Erkende, gesaghebbende versameling van heilige boeke. In Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, word die kanonieke boeke die standaardwerke genoem en sluit die Ou en Nuwe Testamente in, die Boek van Mormon, die Leer en Verbonde en die Pêrel van Groot Waarde.

**Kasty, Kastyding.** *Sien ook* Teenstand

Verbetering of dissipline van individue of groepe ten einde hulle te help om te verbeter of sterker te word.

Verwerp nie die tugtigende hand van die Almagtige nie, **Job** 5:17 (Spr. 3:11). Welgeluksalig is die man wat U tugtig, O Here, **Ps.** 94:12.

Die hele skrif is gegee tot weerlegging, tot teregwysing, **2 Tim.** 3:16. Die Here tugtig diegene wat Hy liefhet, **Hebr.** 12:5–11.

Die Here ag dit goed om sy volk te kasty, **Mosia** 23:21–22. Tensy die Here sy volk kasty, sal hulle Hom nie onthou nie, **Hel.** 12:3. Die Here het met die broer van Jered gespreek, en hom gekasty, **Ether** 2:14.

Hulle is getugtig sodat hulle mag bekeer, **L&V** 1:27. Wie Ek liefhet kasty Ek ook sodat hulle sondes vergewe mag word, **L&V** 95:1. Al diegene wat nie kastyding wil verduur nie, kan nie geheilig word nie, **L&V** 101:2–5. My volk moet noodwendig gekasty word totdat hulle gehoorsaamheid leer, **L&V** 105:6.

Hy wat nie kastyding wil verduur nie, is my koninkryk nie waardig nie, **L&V** 136:31.

**Keiser**

In die Nuwe Testament, die titel waaronder sekere Romeinse keisers bekend was. Dit word gebruik in die skrifture as ′n simbool van wêreldse regering of krag.

Betaal aan die keiser wat die keiser toekom, **Matt.** 22:21 (Mark. 12:17; Lk. 20:25; L&V 63:26).

**Kennis.** *Sien ook* Begrip; Waarheid; Wysheid

Begrip en insig, veral van waarheid soos onderrig en bevestig deur die Gees.

Die Here is ′n God van kennis, **1 Sam.** 2:3. Die Here is volmaak in kennis, **Job** 37:16. Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis, **Spr.** 1:7. Wie sy woorde inhou, besit kennis, **Spr.** 17:27. Die aarde sal vol wees van die kennis van die Here, **Jes.** 11:9 (2 Ne. 21:9; 30:15).

Julle het die sleutel van die kennis weggeneem, **Lk.** 11:52. Die liefde van Christus oortref die kennis, **Efés.** 3:19. Voeg by julle geloof die deug, en by die deug die kennis, **2 Petr.** 1:5.

Nefi het ′n groot kennis gehad van die goedheid van God, **1 Ne.** 1:1. Hulle sal kom tot ′n kennis van hulle Verlosser, **2 Ne.** 6:11. Die regverdiges sal ′n volmaakte kennis hê van hulle regverdigheid, **2 Ne.** 9:14. Die Gees gee kennis, **Alma** 18:35. Julle kennis is volmaak in daardie ding, **Alma** 32:34. Die Lamaniete sal gebring word tot die ware kennis van hulle Verlosser, **Hel.** 15:13. Julle mag met ′n volmaakte kennis weet dat dit van God is, **Moro.** 7:15–17.

Die Heiliges sal groot skatte van kennis vind, **L&V** 89:19. Suiwer kennis bevorder die siel grootliks, **L&V** 121:42. Hy wat die sleutels van die heilige priesterskap het, het geen probleem om kennis te verkry van feite nie, **L&V** 128:11. As ′n persoon in hierdie wêreld kennis verwerf, het hy ′n voordeel in die wêreld wat kom, **L&V** 130:19. Dit is onmoontlik om in onkunde gered te word, **L&V** 131:6.

**Kerk van Jesus Christus.** *Sien ook* Heilige; Herstelling van die Evangelie; Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, Die; Kerk, Naam van; Kerk, Tekens van die Ware; Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel

′n Georganiseerde groep gelowiges wat op hulleself die naam van Jesus Christus deur die doop en deur bevestiging geneem het. Om die ware kerk te wees, moet dit die Here se kerk wees; moet dit sy gesag, leerstellings, wette, ordinansies en naam hê; en moet deur Hom beheer word deur verteenwoordigers wat Hy aangestel het.

Die Here het daagliks by die Kerk gevoeg, **Hand.** 2:47. So is ons almal saam een liggaam in Christus, **Rom.** 12:5. Deur een Gees is ons almal tot een liggaam gedoop, **1 Kor.** 12:13. Die Kerk is gebou op die fondament van Apostels en profete, **Efés.** 2:19–20. Apostels en profete is noodsaaklik vir die Kerk, **Efés.** 4:11–16. Christus is die hoof van die Kerk, **Efés.** 5:23.

Nieteenstaande daar baie kerke was, was hulle almal een Kerk, **Mosia** 25:19–22. Die Kerk is gereinig en in orde gebring, **Alma** 6:1–6. Christus se Kerk moet na sy Naam genoem word, **3 Ne.** 27:8. Die Kerk het dikwels bymekaar gekom om te vas en te bid en te spreek, **Moro.** 6:5.

Hierdie is die enigste ware en lewende Kerk, **L&V** 1:30. Die Kerk van Christus het in hierdie laaste dae ontstaan, **L&V** 20:1. Die Here roep sy diensknegte om sy Kerk op te bou, **L&V** 39:13. Want so sal my Kerk genoem word in die laaste dae, **L&V** 115:4.

**Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, Die.** *Sien ook* Herstelling van die Evangelie; Kerk van Jesus Christus; Kerk, Naam van; Kerk, Tekens van die Ware

Die naam wat gegee is aan die Kerk van Christus in die laaste dae om dit te onderskei van die Kerk in ander tydvakke (L&V 115:3–4).

Die Here sal kennis op die Heiliges van die Laaste Dae uitgiet, **L&V** 121:33. Joseph Smith is die profeet en siener van die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, **L&V** 127:12. Die groot dag van die Here is op hande vir die Heiliges van die Laaste Dae, **L&V** 128:21, 24. Joseph Smith het gehelp om die Heiliges van die Laaste Dae bymekaar te maak, **L&V** 135:3. Groepe van Heiliges van die Laaste Dae moet georganiseer word vir die reis na die westelike gebied van die Verenigde State, **L&V** 136:2. Wette van die huwelik word duidelik gemaak vir die Heiliges van die Laaste Dae, **AV** 1. Die priesterskap word gegee aan alle waardige manlike lede van die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, **AV** 2.

Die verslag van die Eerste Visioen aan alle Heiliges van die Laaste Dae, **JS—G** 1:1.

**Kerk, Groot en Gruwelike.** *Sien* Duiwel—Die kerk van die duiwel

**Kerk, Naam van.** *Sien ook* Kerk van Jesus Christus; Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, Die; Mormoon, Mormone

In die Boek van Mormon, toe Jesus Christus die regverdige Nefiete besoek het kort na sy opstanding, het Hy gesê dat sy Kerk sy Naam moes dra (3 Ne. 27:3–8). In moderne tye het die Here die naam van die Kerk geopenbaar as "Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae" (L&V 115:4).

**Kerk, Tekens van die Ware.** *Sien ook* Kerk van Jesus Christus; Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, Die; Teken

Leerstellings en werke van 'n kerk wat toon dat dit deur God goedgekeur is en die middel is wat die Here vir sy kinders gevestig het om die volheid van sy seëninge te verwerf. Sommige van die tekens van die ware Kerk is as volg:

*Juiste begrip van die Godheid:* God het die mens na sy eie beeld geskape, **Gén.** 1:26–27. Die Here het met Moses gespreek van aangesig tot aangesig, **Ex.** 33:11.

Die ewige lewe is om God die Vader en Jesus Christus te ken, **Joh.** 17:3.

Die Vader en Seun het liggame van vlees en been, **L&V** 130:22–23.

Die Vader en die Seun het aan Joseph Smith verskyn, **JS—G** 1:15–20. Ons glo in God die Ewige Vader, **Gel. Art.** 1:1.

*Grondbeginsels en ordinansies:* As iemand nie gebore word uit water en Gees nie, **Joh.** 3:3–5. Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, **Hand.** 2:38. Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang, **Hand.** 8:14–17. Word kinders van God deur die geloof in Christus Jesus, **Gal.** 3:26–27.

Bekeer julle, en word gedoop in die Naam van my geliefde Seun, **2 Ne.** 31:11–21.

Hulle wat geglo het, is gedoop en het die Heilige Gees ontvang deur die oplegging van hande, **L&V** 76:50–53.

Egte priesterskap word benodig om te doop en om die gawe van die Heilige Gees te skenk, **JS—G** 1:70–72. Die grondbeginsels en ordinansies van die evangelie word beskryf, **Gel. Art.** 1:4.

*Openbaring:* As daar geen openbaring is nie, word die volk bandeloos, **Spr.**

29:18. Die Here openbaar sy raadsbesluite aan sy knegte, die profete, **Amos** 3:7.

Die Kerk is gebou op die rots van openbaring, **Matt.** 16:17–18 (L&V 33:13).

Wee hom wat sal sê dat die Here nie langer deur openbaring werk nie, **3 Ne.** 29:6.

Openbarings en gebooie kom net deur die aangestelde een, **L&V** 43:2–7.

Ons glo alles wat God geopenbaar het, **Gel. Art.** 1:9.

*Profete:* Die Kerk is gebou op die fondament van die apostels en profete, **Efés.** 2:19–20. Apostels en profete is noodsaaklik vir die Kerk, **Efés.** 4:11–16.

Joseph Smith is geroep om 'n siener, profeet, en Apostel te wees, **L&V** 21:1–3.

Ons glo in profete, **Gel. Art.** 1:6.

*Gesag:* Jesus het aan sy dissipels mag en gesag gegee, **Lk.** 9:1–2 (Joh. 15:16).

Nefi, die seun van Helaman, het groot gesag van God gehad, **Hel.** 11:18 (3 Ne. 7:17).

Die profeet moet gebooie ontvang vir die Kerk, **L&V** 21:4–5. Geeneen mag die evangelie verkondig of die Kerk opbou tensy hy geordineer is deur iemand wat gesag het, **L&V** 42:11. Die ouderlinge moet die evangelie verkondig, en met gesag optree, **L&V** 68:8.

Enigeen wat namens God preek of die ordinansies bedien moet deur God geroep wees deur diegene met gesag, **Gel. Art.** 1:5.

*Bykomende skrifture wat te voorskyn sal kom:* Die stok van Juda sal by die stok van Josef gevoeg word, **Eség.** 37:15–20.

Die skrifture wat te voorskyn sou kom in die laaste dae is voorspel, **1 Ne.** 13:38–41.

Ons glo dat God nog baie grootse en belangrike dinge sal openbaar, **Gel. Art.** 1:9.

*Kerkorganisasie:* Die Kerk is gebou op die fondament van Apostels en profete, **Efés.** 2:19–20. Apostels en profete is noodsaaklik vir die kerk, **Efés.** 4:11–16. Christus is die hoof van die Kerk, **Efés.** 5:23.

Christus se Kerk moet na sy Naam vernoem word, **3 Ne.** 27:8.

Ons glo in dieselfde organisasie wat in die Oorspronklike Kerk bestaan het, **Gel. Art.** 1:6.

*Sendingwerk:* Gaan dan heen, en leer alle nasies, **Matt.** 28:19–20. Sewentig is geroep om die evangelie te verkondig, **Lk.** 10:1.

Hulle was begerig dat heil aan elke skepsel bekend gemaak moet word, **Mosia** 28:3.

Ouderlinge moet uitgaan en my evangelie preek, twee-twee, **L&V** 42:6. Die evangelie moet aan elke skepsel verkondig word, **L&V** 58:64.

*Geestelike gawes:* Hulle het begin spreek in ander tale, **Hand.** 2:4. Die ouderlinge moet die siekes genees, **Jak.** 5:14.

Loën nie die gawes van God nie, **Moro.** 10:8.

Geestelike gawes word genoem, **L&V** 46:13–26 (1 Kor. 12:1–11; Moro. 10:9–18).

*Tempels:* Ek sal 'n verbond sluit en Ek sal my heiligdom in hulle midde vestig vir ewig, **Eség.** 37:26–27. Die Here sal skielik na sy tempel kom, **Mal.** 3:1.

Nefi het 'n tempel gebou, **2 Ne.** 5:16.

Die volk is gekasty omdat hulle nagelaat het om die huis van die Here te bou, **L&V** 95 (L&V 88:119). Die Here se volk bou altyd tempels vir die uitvoering van heilige ordinansies, **L&V** 124:37–44. Om tempels te bou en ordinansies te verrig is deel van die groot werk van die laaste dae, **L&V** 138:53–54.

**Keuse.** *Sien* Handelingsmag; Kies, Gekies, Gekose

**Kies, Gekies, Gekose.** *Sien ook* Handelingsmag; Roep, Geroepe van God, Roeping; Vry, Vryheid

Wanneer die Here 'n individu of groep keur of kies, roep Hy hulle gewoonlik ook om te dien.

Kies dan vir julle vandag wie julle wil dien, **Jos.** 24:15 (Alma 30:8; Moses 6:33). Ek het jou beproef in die smeltkroes van ellende, **Jes.** 48:10 (1 Ne. 20:10).

Baie is geroep, maar min gekies, **Matt.** 22:14 (Matt. 20:16; L&V 95:5; 121:34, 40). Julle het My nie gekies nie, maar Ek het julle gekies, **Joh.** 15:16. God het wat dwaas is by die wêreld, gekies om die wyse te beskaam, **1 Kor.** 1:27. Hy het ons in Hom gekies voor die grondlegging van die wêreld, **Efés.** 1:4.

Ons is vry om vryheid te kies en die ewige lewe, of slawerny en die dood, **2 Ne.** 2:27.

Adellikes en vernames is gekies in die begin, **L&V** 138:55–56.

Israel is gekies deur God, **Moses** 1:26. Abraham is gekies voordat hy gebore is, **Abr.** 3:23.

**Kimball, Spencer W.** *Sien ook* Amptelike Verklaring 2

Die twaalfde President van die Kerk sedert dit gestig is in 1830. Spencer W. Kimball het as President gedien vanaf Desember 1973 tot November 1985. Hy is gebore in 1895 en het gesterf in 1985 op negentigjarige ouderdom.

In Junie 1978 het die Eerste Presidensie bekend gemaak dat 'n openbaring ontvang is deur President Kimball wat priesterskap en tempelseëninge gun aan alle waardige manlike lede, L&V **AV** 2.

**Kind, Kinders.** *Sien ook* Doop van Jong Kinders; Gesin; Heil—Heil van kinders; Seën, Geseënd, Seëning—Seën van kinders; Toerekenbaar, Toerekenbaarheid; Versoen, Versoening

'n Jong persoon, een wat nog nie volwassenheid bereik het nie. Vaders en moeders moet hulle kinders opvoed om God se wil te gehoorsaam. Kinders is sonder sonde totdat hulle die ouderdom van toerekenbaarheid bereik (Moro. 8:22; L&V 68:27).

Kinders is 'n erfdeel van die Here, **Ps.** 127:3–5. Oefen die kind volgens die eis van sy weg, **Spr.** 22:6.

Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie, **Matt.** 19:14. Gehoorsaam julle ouers, **Efés.** 6:1–3 (Kol. 3:20).

Sonder die Val sou Adam en Eva nie kinders gehad het nie, **2 Ne.** 2:22–23. Leer kinders om te wandel in die waarheid en erns, **Mosia** 4:14–15. Klein kindertjies het ook die ewige lewe, **Mosia** 15:25. Jesus het die klein kindertjies geneem en hulle geseën, **3 Ne.** 17:21. Al jou kinders sal deur die Here geleer word, en groot sal die vrede van jou kinders wees, **3 Ne.** 22:13 (Jes. 54:13). Klein kindertjies benodig nie bekering of doop nie, **Moro.** 8:8–24.

Klein kindertjies word verlos vanaf die grondlegging van die wêreld deur my Eniggeborene, **L&V** 29:46–47. Ouers moet kinders evangeliese beginsels en gebruike leer, **L&V** 68:25, 27–28. Kinders is heilig deur die versoening van Christus, **L&V** 74:7. Ouers word beveel om hulle kinders in lig en waarheid groot te maak, **L&V** 93:40. Kinders wat sterf voor die ouderdom van toerekenbaarheid, word gered in die selestiale koninkryk, **L&V** 137:10.

**Kinders van Christus.** *Sien ook* Jesus Christus; Seuns en Dogters van God; Verwek; Wedergebore, Gebore uit God

Diegene wat die evangelie van Jesus Christus aangeneem het.

Elkeen wat homself sal verneder soos hierdie kindjie, is die grootste, **Matt.** 18:1–4. Glo in die lig, sodat julle kinders van die lig kan word, **Joh.** 12:36.

Lê die natuurlike mens af en word soos 'n kind, **Mosia** 3:19; 27:25–26. Vanweë die verbond sal julle die kinders van Christus genoem word, **Mosia** 5:7. As julle sal vasgryp aan elke goeie ding, sal julle sekerlik 'n kind van Christus wees, **Moro.** 7:19.

Aan almal wat My aangeneem het,

het Ek mag gegee om my seuns te word, **L&V** 39:4. Vrees nie, kindertjies, want julle is myne, **L&V** 50:40–41.

Jy is een in My, ʼn seun van God, **Moses** 6:68.

**Kinders van God.** *Sien* Mens die, Mense; Seuns en Dogters van God

**Kinders van Israel.** *Sien* Israel

**Kirtland-tempel, Ohio (VSA)**

Die eerste tempel wat in moderne tye deur die Kerk gebou is. Die Heiliges het dit in Kirtland gebou, volgens die Here se bevel (L&V 94:3–9). Een doel was om ʼn plek daar te stel waar waardige Kerklede geestelike krag, gesag en kennis kan ontvang (L&V 109–110). Dit is op 27 Maart 1836 ingewy; die inwydingsgebed is aan die Profeet Joseph Smith gegee deur openbaring (L&V 109). Die Here het in hierdie tempel verskeie belangrike openbarings gegee en het die nodige priesterskapsleutels herstel (L&V 110; 137). Dit is nie gebruik vir die volle tempelordinansies wat vandag in tempels gegee word nie.

**Kiskumen.** *Sien ook* Gadiantonrowers

In die Boek van Mormon, ʼn leier van ʼn groep goddelose manne wat later bekend was as die Gadianton-rowers (Hel. 1:9–12; 2).

**Klaagliedere, Boek van**

ʼn Boek in die Ou Testament, geskryf deur Jeremia. Dit is ʼn versameling van gedigte of liedere van smart as gevolg van die val van Jerusalem en die volk van Israel. Die boek is na die val van die stad geskryf in ongeveer 586 n.C.

**Kolob**

Die ster naaste aan die troon van God (Abr. 3:2–3, 9).

Abraham het Kolob en die sterre gesien, **Abr.** 3:2–18. Die Here se tyd word gereken volgens die tyd van Kolob, **Abr.** 3:4, 9 (Abr. 5:13).

**Kolossense, Sendbriewe aan.** *Sien ook* Paulus; Sendbriewe van Paulus

ʼn Boek in die Nuwe Testament. Dit was oorspronklik ʼn brief wat die Apostel Paulus geskryf het aan die Kolossense nadat hy besoek is deur Épafras, die evangelis van die Kerk in Galásië (Kol. 1:7–8). Épafras het aan Paulus vertel dat die Kolossense begin om in ernstige oortreding te verval—hulle het gedink dat hulle beter is as ander mense omdat hulle sekere uiterlike ordinansies nougeset nagekom het (Kol. 2:16), hulleself van sekere fisiese behoeftes onthou het en engele aanbid het (Kol. 2:18). Hierdie gebruike het die Kolossense laat voel dat hulle geheilig word. Hulle het ook gevoel dat hulle die verborgenhede van die heelal beter verstaan as ander Kerklede. In sy brief het Paulus hulle tereggewys deur te leer dat verlossing slegs deur Christus kom en dat ons wys moet wees en Hom dien.

Hoofstuk 1 is Paulus se begroeting aan die Kolossense. Hoofstukke 2–3 bevat leerstellings en bevat uitsprake oor Christus as die Verlosser, die gevaar van valse aanbidding en die belangrikheid van die Opstanding. Hoofstuk 4 leer dat Heiliges wys moet wees in alle dinge.

**Kom.** *Sien ook* Dissipel; Gehoorsaam, Gehoorsaamheid

In die skrifture, beteken dikwels om tot iemand te nader deur te volg of te gehoorsaam, soos in die frase “kom na Christus, en word volmaak in Hom” (Moro. 10:32).

Neig julle oor en kom na My toe, **Jes.** 55:3.

Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, **Matt.** 11:28. Laat die kindertjies na My toe kom, **Matt.** 19:14. As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, **Lk.** 9:23. Wie na

My toe kom, sal nooit honger kry nie, **Joh.** 6:35.

Christus nooi almal om na Hom te kom, **2 Ne.** 26:33. Kom na My en word gered, **3 Ne.** 12:20. Kom na Christus, **Moro.** 10:32.

Nooi almal om na Christus te kom, **L&V** 20:59. Kom na My toe, en julle siele sal lewe, **L&V** 45:46.

### Konings

Twee boeke in die Ou Testament. Hierdie boeke vertel van die geskiedenis van Israel vanaf die rebellie van Adónia, die vierde seun van Koning Dawid (ongeveer 1015 v.C.), tot die finale slawerny van Juda (ongeveer 586 v.C.). Hulle sluit die hele geskiedenis van die noordelike koninkryk in (die tien stamme van Israel) vanaf die skeiding tot die Assiriërs hulle gevange geneem het na die noordelike lande. Sien ook Kronologie in die bylae.

*Eerste Konings:* Hoofstuk 1 beskryf die laaste dae van Koning Dawid se lewe. Hoofstuk 2–11 teken Salomo se lewe aan. Hoofstuk 12–16 vertel van Salomo se onmiddellike opvolgers, Rehábeam en Jeróbeam. Jeróbeam het die verdeling van die koninkryk van Israel veroorsaak. Ander konings word ook genoem. Hoofstuk 17–21 handel oor gedeeltes van die sending van Elía wat vir Agab, koning van Israel, vermaan het. Hoofstuk 22 handel oor ′n oorlog teen Aram waarin Agab en Jósafat, koning van Juda, hul magte saamspan. Die profeet Miga profeteer teen die konings.

*Tweede Konings:* In hoofstuk 1:1—2:11 word die verhaal van die lewe van Elía, insluitende Elía se opvaart na die hemel in ′n wa van vuur voortgesit. Hoofstuk 2–9 is oor Elisa se sending van geloof en groot krag. Hoofstuk 10 vertel van Jehu, die koning, en hoe hy die huis van Agab en die priesters van Baäl vernietig het. Hoofstuk 11–13 teken die regverdige heerskappy van Joas en die dood van Elísa aan. Hoofstuk 14–17 is oor verskillende konings wat in Israel en Juda geheers het, dikwels in goddeloosheid. Hoofstuk 15 teken die Assiriese slawerny van die tien stamme van Israel aan. Hoofstuk 18–20 is oor die regverdige lewe van Hiskía, die koning van Juda en die profeet Jesaja. Hoofstuk 21–23 vertel van die konings van Manasse en Josía. Volgens oorlewering was Manasse verantwoordelik vir die martelaarskap van Jesaja. Josía was ′n regverdige koning wat die wet onder die Jode hervestig het. Hoofstuk 24–25 teken die Babiloniese slawerny aan.

### Koningsmanne

In die Boek van Mormon, ′n groep wat die regering van die Nefiete wou omverwerp (Alma 51:1–8).

### Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel. *Sien ook* Kerk van Jesus Christus; Selestiale Heerlikheid

Die koninkryk van God op die aarde is Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae (L&V 65). Die doel van die Kerk is om sy lede voor te berei om vir ewig te lewe in die selestiale koninkryk of die koninkryk van die hemel. Die skrifture noem somtyds die Kerk die koninkryk van die hemel, wat beteken dat die Kerk die koninkryk van die hemel op aarde is.

Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae is die koninkryk van God op die aarde, maar dit is op die oomblik beperk tot ′n godsdienstige koninkryk. Gedurende die Millennium sal die koninkryk van God beide polities en godsdienstig wees.

Die Here is koning vir ewig en ewig, **Ps.** 10:16 (Ps. 11:4). Die God van die hemel sal ′n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, **Dan.** 2:44 (L&V 138:44).

Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom, **Matt.** 3:2 (Matt. 4:17). Laat u koninkryk kom, laat

u wil geskied op aarde, **Matt.** 6:10. Soek eers die koninkryk van God, **Matt.** 6:33 (3 Ne. 13:33). En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee, **Matt.** 16:19. Kom, beërf die koninkryk wat vir julle berei is, **Matt.** 25:34. Ek sal nooit meer van die vrug van die wingerdstok drink nie tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van my Vader, **Matt.** 26:26–29. Julle sal al die profete in die koninkryk van God sien, **Lk.** 13:28. Die onregverdiges sal nie die koninkryk van God beërwe nie, **1 Kor.** 6:9. Vlees en bloed kan nie die koninkryk van God beërwe nie, **1 Kor.** 15:50.

Voordat julle soek na rykdom, soek julle na die koninkryk van God, **Jakob** 2:18. Geen onrein ding kan die koninkryk van die hemel beërwe nie, **Alma** 11:37.

Jy kan met hulle rus in die koninkryk van my Vader, **L&V** 15:6. Aan julle is die koninkryk of die sleutels van die Kerk gegee, **L&V** 42:69 (L&V 65:2). Mag die koninkryk van God vooruitgaan sodat die koninkryk van die hemel mag kom, **L&V** 65:5–6. Die sleutels van hierdie koninkryk sal nooit van jou af weggeneem word nie, **L&V** 90:3. Wie jou as ′n klein kindjie ontvang, ontvang my koninkryk, **L&V** 99:3. So sal my Kerk in die laaste dae genoem word, naamlik die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, **L&V** 115:4. Die hemele is geopen en ek het die selestiale koninkryk van God aanskou, **L&V** 137:1–4.

**Kores**

In die Ou Testament, die koning van Persië wat Jesaja se profesie vervul het (2 Kron. 36:22–23; Jes. 44:28; 45:1) deur die Jode toe te laat om na Jerusalem terug te keer om die tempel te herbou, en sodoende gedeeltelik die Babiloniese slawerny te beëindig. Jesaja se profesie is gemaak ongeveer 180 jaar voor die koning se optrede.

**Korihor.** *Sien ook* Antichris

′n Antichris in die Boek van Mormon wat ′n teken vereis het as bewys van God se mag; Die Here het vir Korihor laat stom word (Alma 30:6–60).

**Korinthiërs, Sendbriewe aan.** *Sien ook* Paulus; Sendbriewe van Paulus

Twee boeke in die Nuwe Testament. Hulle was oorspronklik briewe wat Paulus geskrywe het aan die Heiliges in Korinte om verwarring onder hulle reg te stel. Die Korinthiërs het in ′n gemeenskap geleef wat sedelik boos was.

*Eerste Korinthiërs:* Hoofstuk 1 bevat Paulus se seëngroet en sy vermaning aan die Heiliges om verenig te wees. Hoofstukke 2–6 is Paulus se regstellings van verwarring van die Korintiese Heiliges. Hoofstukke 7–12 bevat Paulus se antwoorde op sekere vrae. Hoofstukke 13–15 handel oor naasteliefde, geestelike gawes en die Opstanding. Hoofstuk 16 bevat Paulus se raad om standvastig te wees in die geloof.

*Tweede Korinthiërs:* Hoofstuk 1 bevat Paulus se seëngroet en ′n boodskap van bemoediging. Hoofstuk 2 bevat persoonlike raad vir Titus. Hoofstukke 3–7 handel oor die krag van die evangelie in die lewens van die Heiliges en hulle leiers. Hoofstukke 8–9 gee raad aan die Heiliges om blymoedige gewers aan die armes te wees. Hoofstukke 10–12 is ′n bevestiging van Paulus se eie posisie as ′n Apostel. Hoofstuk 13 is ′n vermaning om volmaak te wees.

**Krag.** *Sien ook* Gesag; Priesterskap

Die vermoë om iets te doen. Om mag te hê oor iemand of iets is om die vermoë te hê om daardie persoon of ding te beheer of te gebied. In die skrifture word mag dikwels vereenselwig met die mag van God of die mag van die hemel. Dit is dikwels nou verwant aan priesterskapsgesag, wat die toestemming of reg is om namens God te handel.

Maar juis hierom het Ek jou nog laat bestaan, dat Ek jou my krag kan toon, **Ex.** 9:16. God is my sterk toevlug, **2 Sam.** 22:33. Hou 'n weldaad nie terug as dit in jou mag is om dit te doen nie, **Spr.** 3:27. Ek daarenteen is vol krag, met die Gees van die Here, **Miga** 3:8.

Aan my is gegee alle mag in die hemel en op die aarde, **Matt.** 28:18. Hulle was verslae oor sy leer, want sy woord was met gesag, **Lk.** 4:32. Julle moet in die stad bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogste, **Lk.** 24:49. Almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, **Joh.** 1:12 (L&V 11:30). Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle gekom het, **Hand.** 1:8. Daar is geen mag behalwe van God nie, **Rom.** 13:1. Julle word in die krag van God bewaar deur die geloof tot heil, **1 Petr.** 1:3–5.

Ek is vervul met die krag van God, **1 Ne.** 17:48. Dit is aan my geopenbaar deur die mag van die Heilige Gees, **Jakob** 7:12. 'n Mens mag groot krag hê, wat aan hom gegee is deur God, **Mosia** 8:16. Hulle het met krag en gesag van God geleer, **Alma** 17:2–3. Nefi het met krag en met groot gesag gedien, **3 Ne.** 7:15–20 (3 Ne. 11:19–22).

Ofskoon 'n mens krag mag hê om kragtige werke te doen, as hy roem in sy eie krag, moet hy val, **L&V** 3:4. Die krag om goed te doen is in elke persoon, **L&V** 58:27–28. In die ordinansies van die Melgisédekse Priesterskap word die krag van goddelikheid geopenbaar, **L&V** 84:19–22. Die regte van die priesterskap is onlosmaaklik verbind met die kragte van die hemel, **L&V** 121:34–46.

Ek sal jou by my hand lei, en my krag sal met jou wees, **Abr.** 1:18.

## Kronieke

Twee boeke in die Ou Testament. Hulle gee 'n kort geskiedenis van gebeurtenisse vanaf die Skepping tot die verklaring van Kores wat die Jode toelaat om na Jerusalem terug te keer.

*Eerste Kronieke:* Hoofstuk 1–9 lys geslagsregisters vanaf Adam tot Saul. Hoofstuk 10 beskryf die dood van Saul. In hoofstuk 11–22 is die gebeurtenisse opgeteken wat verbind word met die heerskappy van Dawid. Hoofstuk 23–27 verduidelik dat Salomo koning gemaak is en die Leviete se pligte is uiteengesit. Hoofstuk 28 verduidelik dat Dawid vir Salomo beveel het om 'n tempel te bou. Hoofstuk 29 vermeld Dawid se dood.

*Tweede Kronieke:* In hoofstuk 1–9 is die gebeurtenisse opgeteken wat verbind word met die heerskappy van Salomo. Hoofstuk 10–12 vertel van die heerskappy van Salomo se seun Rehábeam, gedurende welke tyd die verenigde koninkryk van Israel verdeel is in die noordelike en suidelike koninkryke. Hoofstuk 13–36 beskryf die heerskappy van verskeie konings tot die inname van die koninkryk van Juda deur Nebukadnésar. Die boek eindig met Kores se dekreet dat die gevange kinders van Juda na Jerusalem kan terugkeer.

## Kronologie

Sien Kronologie in die Bylae.

## Kroon. *Sien ook* Ewige Lewe

'n Ronde ornament wat op die kop gedra word deur heersers. Dit kan 'n simbool wees van selestiale mag, heerskappy en godheid. Diegene wat volhard tot die einde deur al God se gebooie te onderhou, sal 'n kroon van die ewige lewe ontvang. (Sien L&V 20:14; Moses 7:56; JS—M 1:1).

Daar is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid, **2 Tim.** 4:8. Julle sal die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang, **1 Petr.** 5:4.

Die dooies wat sterf in die Here sal 'n kroon van regverdigheid ontvang, **L&V**

29:13. Hulle sal 'n kroon in die wonings van my Vader ontvang, **L&V** 59:2. Die Here berei Heiliges voor om op te kom na die kroon wat vir hulle berei is, **L&V** 78:15. Die Here het vir sy Heiliges 'n kroon van heerlikheid belowe aan sy regterhand, **L&V** 104:7.

**Kruis.** *Sien ook* Gólgota; Jesus Christus; Kruisiging; Nagmaal; Versoen, Versoening

Die houtstruktuur waarop Jesus Christus gekruisig is (Mark. 15:20–26). Baie in die wêreld beskou dit nou as 'n simbool van Christus se Kruisiging en soenoffer; die Here het egter sy eie simbole daargestel vir sy Kruisiging en sy offer—die brood en die water van die nagmaal (Matt. 26:26–28; L&V 20:40, 75–79). In die skrifture, diegene wat hulle kruis opneem, is diegene wat Jesus Christus só lief het dat hulle hulleself van alle goddeloosheid en elke wêreldse lus weerhou (JSV, Matt. 16:25–26 [Bylae]).

Neem die kruis op en volg My, **Mark.** 10:21 (3 Ne. 12:30; L&V 23:6). Jesus het die kruis verdra en sit aan die regterkant van die troon van God, **Hebr.** 12:2.

Hy is op die kruis verhoog en is vir die sondes van die wêreld doodgemaak, **1 Ne.** 11:33. Hulle wat die kruise van die wêreld verduur het, hulle sal die koninkryk van God beërwe, **2 Ne.** 9:18. My Vader het My gestuur dat Ek verhoog mag word op die kruis, **3 Ne.** 27:14–15.

Hy wat nie sy kruis wil opneem en My volg nie en my gebooie onderhou nie, hy sal nie gered word nie, **L&V** 56:2.

Aanskou die Seun van die Mens, verhoog op die kruis, **Moses** 7:55.

**Kruisiging.** *Sien ook* Gólgota; Jesus Christus; Kruis; Versoen, Versoening

'n Romeinse vorm van teregstelling wat algemeen gebruik is gedurende Nuwe Testamentiese tye, waardeur 'n persoon gedood is deur sy hande en voete vas te bind of vas te spyker op 'n kruis. Dit was gewoonlik slegs gedoen aan slawe en die ergste misdadigers. Kruisiging is dikwels voorafgegaan deur géseling of deur te slaan met 'n sweep (Mark. 15:15). Die persoon wat gekruisig is, is gewoonlik gedwing om sy eie kruis te dra na die plek van teregstelling (Joh. 19:16–17). Sy klere is gewoonlik geneem deur die soldate wat die vonnis voltrek het (Matt. 27:35). Die kruis is in die grond ingeslaan sodat die voete van die persoon net minder as 'n meter bokant die grond was. Die kruis is bewaak deur soldate totdat die persoon op die kruis gesterf het, wat somtyds tot drie dae geneem het (Joh. 19:31–37).

Jesus Christus is gekruisig omdat 'n groep ongelowiges Hom valslik beskuldig het van opruiing teenoor die keiser asook godslastering omdat Hy gesê het dat Hy die Seun van God is. 'n Purper kleed (Joh. 19:2), 'n kroon van dorings en ander beledigings is aan Jesus toegevoeg (Matt. 26:67; Mark. 14:65).

Die bose sal die hande en voete van die Messias deurgrawe, **Ps.** 22:11–18. Christus sal soos 'n lam na die slagplek gelei word, **Jes.** 53:7.

Jesus het sy kruisiging voorspel, **Matt.** 20:18–19. Christus se kruisiging word beskryf, **Matt.** 27:22–50 (Mark. 15:22–37; Lk. 23:26–46; Joh. 19:17–30).

Nefi het in 'n visioen die kruisiging van die Lam van God gesien, **1 Ne.** 11:33. Nefi het vertel van Christus se lydings en kruisiging, **1 Ne.** 19:9–14. Jakob het vertel van die bediening en kruisiging van die Heilige Een van Israel, **2 Ne.** 6:9. Storms, aardbewings, vuur en warrelwinde in Amerika het getuig van die kruisiging van Christus in Jerusalem, **3 Ne.** 8.

Ek is Jesus wat gekruisig is, **L&V** 45:51–52. Die bediening van Christus onder die geeste in die gevangenis was beperk tot die tyd tussen sy dood en opstanding, **L&V** 138:27.

**Kuisheid.** *Sien ook* Deugsaamheid; Egbreuk; Ontug; Wellus, Wellustigheid

Seksuele reinheid van mans en vroue.

Josef het die toenadering van Pótifar se vrou weerstaan, **Gén.** 39:7–21 (L&V 42:24; 59:6). Jy mag nie egbreek nie, **Ex.** 20:14.

Weet julle nie dat julle liggaam ′n tempel is van die Heilige Gees nie, **1 Kor.** 6:18–19. Wees julle ′n voorbeeld in reinheid, **1 Tim.** 4:12.

Geen onreine ding kan by God inwoon nie, **1 Ne.** 10:21. Want Ek, die Here God, skep behae in die kuisheid van vroue, **Jakob** 2:28. Seksuele sonde is ′n gruwel, **Alma** 39:1–13. Kuisheid en reinheid is dierbaarste en kosbaarste bo alle dinge, **Moro.** 9:9.

Ons glo dat ons kuis moet wees, **Gel. Art.** 1:13.

**Kwaadsprekery.** *Sien ook* Gerug; Lieg; Skinder; Twis

Om dinge te sê wat verkeerd, kwetsend en boos is. Dikwels in die skrifture is sulke sprekery gerig tot ′n persoon met die spesifieke bedoeling om pyn te veroorsaak.

Bewaar jou tong vir wat verkeerd is, **Ps.** 34:14 (1 Petr. 3:10). ′n Deugniet grawe ′n kuil van onheil, **Spr.** 16:27.

Geseënd is julle wanneer die mense valslik allerhande kwaad teen julle spreek, **Matt.** 5:11 (3 Ne. 12:11). Uit die hart kom daar slegte gedagtes, **Matt.** 15:19 (Mark. 7:21). Van ′n owerste mag jy nie kwaadspreek nie, **Hand.** 23:5. Alle lastering moet van julle verwyder word, **Efés.** 4:31. Moenie van mekaar kwaad spreek nie, **Jak.** 4:11.

Sien dat daar geen skindery nóg kwaadsprekery is nie, **L&V** 20:54.

**Kworum.** *Sien ook* Priesterskap

Die woord *kworum* kan in twee verskillende betekenisse gebruik word: (1) ′n Aangewese groep mans wat dieselfde amp in die priesterskap dra. (2) ′n Meerderheid, of die minimum aantal lede in ′n priesterskapsgroep wat teenwoordig moet wees by ′n vergadering om die sake van die Kerk af te handel (L&V 107:28).

Kworums van die Eerste Presidensie, van die Twaalf en van die Sewentigs en hulle onderlinge verband, word beskryf, **L&V** 107:22–26, 33–34 (L&V 124:126–128). Besluite van hierdie kworums moet eenparig wees, **L&V** 107:27. Besluite van ′n kworum moet in alle geregtigheid gemaak word, **L&V** 107:30–32. Pligte van presidente van priesterskapkworums word beskryf, **L&V** 107:85–96. Die kworum van ouderlinge is ingestel vir gevestigde dienaars, **L&V** 124:137.

**Laaste Avondmaal.** *Sien ook* Nagmaal; Pasga

Volgens die Nuwe Testament is dit die laaste maaltyd wat Jesus geëet het voor sy inhegtenisneming en kruisiging (Lk. 22:14–18). Hy en sy Twaalf Apostels het hierdie maaltyd geëet gedurende die Pasga (Matt. 26:17–30; Mark. 14:12–18; Lk. 22:7–13).

Die Saligmaker het die brood en wyn geseën en dit aan die Apostels gegee, **Matt.** 26:26–29 (Mark. 14:22–25; Lk. 22:7–20). Jesus het die voete van die Apostels gewas, **Joh.** 13. Judas is as verraaier van Jesus genoem, **Joh.** 13:21–26 (Matt. 26:20–25).

**Laaste Dae.** *Sien ook* Tekens van die Tye; Tweede Koms van Jesus Christus

Die tyd waarin ons nou leef. Die dae (of tydvak) net voor die Tweede Koms van die Here.

Ek sal aan julle verkondig wat julle aan die einde van die dae sal wedervaar, **Gén.** 49:1. My Verlosser sal as laaste oor die stof opstaan, **Job** 19:25.

Aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die Here vasstaan, **Jes.** 2:2.

In die laaste dae sal daar swaar tye kom, **2 Tim.** 3:1–7. Aan die einde van die dae sal daar spotters kom wat die Wederkoms sal ontken, **2 Petr.** 3:3–7.

Ek profeteer aan julle aangaande die laaste dae, **2 Ne.** 26:14–30.

So sal my Kerk genoem word in die laaste dae, naamlik die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, **L&V** 115:4.

Christus sal kom in die laaste dae, **Moses** 7:60.

**Laban, Bewaarder van die Bronsplate.** *Sien ook* Bronsplate

In die Boek van Mormon, die man wat die bronsplate bewaar het in Jerusalem ten tye van Lehi se gesin. Laban het vir Nefi en sy broers beroof en hulle probeer doodmaak (1 Ne. 3:1–27). Die Gees het vir Nefi gelei om Laban te dood ten einde die plate te verkry (1 Ne. 4:1–26).

**Laban, Broer van Rebekka.** *Sien ook* Rebekka

In die Ou Testament, 'n broer van Rebekka en die vader van Lea en Ragel, Jakob se vroue (Gén. 24:29–60; 27:43–44; 28:1–5; 29:4–29; 30:25–42; 31).

**Lam van God.** *Sien ook* Jesus Christus; Pasga; Versoen, Versoening

'n Naam vir die Saligmaker wat verwys na Jesus as die offerande wat vir ons gegee is.

Hy is soos 'n Lam na die slagplek gelei, **Jes.** 53:7 (Mosia 14:7).

Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem, **Joh.** 1:29 (Alma 7:14). Julle is verlos met die kosbare bloed van Christus, soos 'n Lam sonder gebrek, **1 Petr.** 1:18–20. Waardig is die Lam wat geslag is, **Openb.** 5:12. Ons oorwin Satan deur die bloed van die Lam, **Openb.** 12:11.

Hulle word wit gemaak in die bloed van die Lam vanweë hulle geloof in Hom, **1 Ne.** 12:11. Die Lam van God is die Seun van die Ewige Vader en die Saligmaker van die wêreld, **1 Ne.** 13:40 (1 Ne. 11:21). Roep kragtig tot die Vader in die naam van Jesus, dat julle miskien deur die bloed van die Lam gereinig mag word, **Morm.** 9:6 (Openb. 7:14; Alma 34:36).

Die Seun van die Mens is die Lam wat gekies is vanaf die grondlegging van die wêreld as offerande, **Moses** 7:47.

**Laman.** *Sien ook* Lamaniete; Lehi, Vader van Nefi

In die Boek van Mormon, die oudste seun van Lehi en Saria en die oudste broer van Nefi (1 Ne. 2:5). Laman het oor die algemeen gekies om eerder kwaad as goed te doen.

Laman het teen sy vader gemurmureer, **1 Ne.** 2:11–12. Het teen sy regverdige broer, Nefi, gerebelleer, **1 Ne.** 7:6 (1 Ne. 3:28–29). Het nie geneem van die vrug van die boom van die lewe in Lehi se visioen nie, **1 Ne.** 8:35–36. 'n Vloek het oor Laman en sy volgelinge gekom, **2 Ne.** 5:21 (Alma 3:7).

**Lamaniete.** *Sien ook* Boek van Mormon; Laman; Nefiete

'n Groep mense in die Boek van Mormon, baie van wie afstammelinge was van Laman, die oudste seun van Lehi. Hulle het gevoel dat hulle verontreg was deur Nefi en sy afstammelinge (Mosia 10:11–17), met die gevolg dat hulle gerebelleer het teen die Nefiete en dikwels die leerstellings van die evangelie verwerp het. Nogtans, kort voor die geboorte van Jesus Christus, het die Lamaniete die evangelie aanvaar en was regverdiger as die Nefiete (Hel. 6:34–36). Tweehonderd jaar nadat Christus die Amerikas besoek het, het beide die Lamaniete en die Nefiete goddeloos geword en het begin om oorlog te voer teen mekaar. Ongeveer 400 n.C. het die

Lamaniete die Nefitiese nasie heeltemal vernietig.

Die Lamaniete het die nageslag van Nefi oorweldig, **1 Ne.** 12:19–20. Die Lamaniete het die Nefiete gehaat, **2 Ne.** 5:14. Die Lamaniete sal ʼn gésel wees vir die Nefiete, **2 Ne.** 5:25. Die Boek van Mormon sal aan die Lamaniete ʼn kennis van hul voorvaders herstel en van die evangelie van Jesus Christus, **2 Ne.** 30:3–6 (titelblad van die Boek van Mormon).

Die Lamaniete is ʼn oorblyfsel van die Jode, **L&V** 19:27. Die Lamaniete sal bloei soos ʼn roos voor die Here se koms, **L&V** 49:24.

**Lamoni.** *Sien ook* Ammon, Seun van Mosia

In die Boek van Mormon, ʼn Lamanitiese koning wat bekeer is deur die Gees van die Here en die geïnspireerde leringe van Ammon (Alma 17–19).

**Lasarus.** *Sien ook* Maria van Betánië; Martha

In die Nuwe Testament die broer van Martha en Maria. Jesus het hom uit die dode opgewek (Joh. 11:1–44; 12:1–2, 9–11). Hierdie is nie dieselfde as Lasarus die bedelaar in ʼn gelykenis wat Jesus geleer het nie (Lk. 16:19–31).

**Laster, Godslastering.** *Sien ook* Oneerbiedigheid; Onvergeeflike Sonde

Om minagtend of oneerbiediglik te praat van God of heilige dinge.

Jesus is verskeie kere deur die Jode van godslastering beskuldig omdat Hy aanspraak gemaak het op die reg om sondes te vergewe (Matt. 9:2–3; Lk. 5:20–21), omdat Hy Homself die Seun van God genoem het (Joh. 10:22–36; 19:7), en omdat Hy gesê het dat hulle Hom sou sien sit aan die regterhand van krag en op die wolke van die hemel kom (Matt. 26:64–65). Hierdie beskuldigings sou waar gewees het as Hy nie in der waarheid alles was wat Hy gesê het Hy was nie. Die aanklag wat teen Hom ingebring is deur die valse getuies by die verhoor voor die Raad (Sanhedrin) (Matt. 26:59–61) was van laster teen God se tempel. Lastering teen die Heilige Gees, wat beteken om Christus doelbewus te verloën nadat ʼn volmaakte kennis van Hom ontvang is, is die onvergeeflike sonde (Matt. 12:31–32; Mark. 3:28–29; L&V 132:27).

Hy wat die naam van die Here belaster, sal doodgemaak word, **Lev.** 24:11–16.

Die Here se vyande sal nie oorbly om sy Naam te belaster nie, **L&V** 105:15. Wraak sal kom oor diegene wat laster teen die Here, **L&V** 112:24–26.

**Lea.** *Sien ook* Jakob, Seun van Isak; Laban, Broer van Rebekka

In die Ou Testament, die oudste dogter van Laban en een van Jakob se vroue (Gén. 29). Lea het die moeder van ses seuns en een dogter geword (Gén. 29:31–35; 30:17–21).

**Leer en Verbonde.** *Sien ook* Boek van Gebooie; Kanon; Skrifture; Smith, Joseph, Jr.

ʼn Versameling goddelike openbarings van die laaste dae en geïnspireerde verklarings. Die Here het dié aan Joseph Smith gegee en verskeie van sy opvolgers vir die oprigting en beheer van die koninkryk van God op die aarde in die laaste dae. Die Leer en Verbonde is een van die standaardwerke van skrifture in die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, tesame met die Bybel, die Boek van Mormon en die Pêrel van Groot Waarde. Die Leer en Verbonde is egter uniek omdat dit nie ʼn vertaling is van voortydse dokumente nie; die Here het hierdie openbarings gegee aan sy gekose profete in hierdie moderne tyd ten einde sy koninkryk te herstel. In die openbarings hoor mens die teer maar

ferm stem van die Here Jesus Christus (L&V 18:35–36).

Joseph Smith-Geskiedenis sê dat die Leer en Verbonde die fondament is van die Kerk in die laaste dae en ′n voordeel tot die wêreld (L&V 70 opskrif). Die openbarings daarin lui die werk in van voorbereiding van die weg vir die Here se Tweede Koms, ter vervulling van al die woorde wat gespreek is deur die profete sedert die wêreld begin het.

**Leer van Christus.** *Sien ook* Evangelie; Plan van Verlossing

Die beginsels en leerstellings van die evangelie van Jesus Christus.

Laat my leer drup soos die reën, **Deut.** 32:2. Die murmureerders sal lering aanneem, **Jes.** 29:24.

Die skare was verslae oor sy leer, **Matt.** 7:28. My leer is nie myne nie, maar van Hom wat My gestuur het, **Joh.** 7:16. Die hele Skrif is nuttig tot lering, **2 Tim.** 3:16.

Dit is die leer van Christus, en die enigste en waaragtige leer van die Vader, **2 Ne.** 31:21 (2 Ne. 32:6). Daar sal geen twiste onder julle wees aangaande die punte van my leer nie, **3 Ne.** 11:28, 32, 35, 39–40.

Satan stook die harte van die mense op tot twis aangaande die punte van my leer, **L&V** 10:62–63, 67. Onderrig kinders in die leer van bekering, geloof in Christus, doop, en die gawe van die Heilige Gees, **L&V** 68:25. Onderrig mekaar die leer van die koninkryk, **L&V** 88:77–78. Die leer van die priesterskap sal op jou siel drup, **L&V** 121:45.

**Lehi, Nefitiese Militêre Bevelvoerder**

In die Boek van Mormon, ′n Nefitiese militêre bevelvoerder (Alma 43:35–53; 49:16–17; 52:27–36; 53:2; 61:15–21).

**Lehi, Nefitiese Sendeling.** *Sien ook* Helaman, Seun van Helaman

In die Boek van Mormon, ′n seun van Helaman, wat die seun van Helaman was. Lehi was ′n groot sendeling (Hel. 3:21; 4:14).

Was Lehi genoem om aan sy voorvader herinner te word, **Hel.** 5:4–6. Saam met Nefi het hy baie bekeerlinge gemaak, was in die gevangenis gewerp, was omring deur vuur en het met engele gespreek, **Hel.** 5:14–48. Het daagliks baie openbaringe ontvang, **Hel.** 11:23.

**Lehi, Vader van Nefi**

In die Boek van Mormon, ′n Hebreeuse profeet wat sy gesin en volgelinge vanaf Jerusalem na ′n beloofde land gelei het in die westelike halfrond, ongeveer 600 v.C. Lehi was die eerste profeet onder sy volk in die Boek van Mormon.

Lehi het met sy gesin uit Jerusalem gevlug op God se bevel (1 Ne. 2:1–4). Hy was ′n afstammeling van Josef wat in Egipte verkoop is (1 Ne. 5:14). Die Here het aan hom ′n visioen gegee van die boom van die lewe (1 Ne. 8:2–35). Lehi en sy seuns het ′n boot gebou en na die westelike halfrond gevaar (1 Ne. 17–18). Hy en sy afstammelinge het hulle gevestig in ′n nuwe land (1 Ne. 18:23–25). Voordat hy gesterf het, het Lehi sy seuns geseën en het hulle van Christus en die te voorskyn kom van die Boek van Mormon in die laaste dae vertel (2 Ne. 1:1–4:12).

*Die boek van Lehi:* Joseph Smith het begin met die boek van Lehi toe hy die Boek van Mormon vertaal het. Dit was ′n kroniek wat Mormon verkort het vanaf die plate van Lehi. Nadat hy 116 manuskripbladsye vertaal het van hierdie boek, het Joseph die manuskrip aan Martin Harris gegee, wat vir ′n kort tydperk gedien het as Joseph se skrywer tydens die vertaling van die Boek van Mormon. Die bladsye het toe verlore gegaan. Joseph het nie die boek van Lehi hervertaal om die verlore manuskrip te vervang nie, maar in plaas daarvan

het hy ander verwante verslae vertaal van die goue plate (sien die inleidings tot L&V 3; 10). Hierdie ander verslae is nou die eerste ses boeke van die Boek van Mormon.

**Lemuel.** *Sien ook* Laman; Lamaniete; Lehi, Vader van Nefi

In die boek van Mormon, die tweede seun van Lehi en een van Nefi se ouer broers. Hy het aangesluit by Laman om Nefi teen te staan.

Lehi het vir Lemuel vermaan om standvastig te wees, soos ′n vallei, **1 Ne.** 2:10. Het kwaad geword vir Nefi en op Laman ag geslaan, **1 Ne.** 3:28. Lemueliete was gereken onder die Lamaniete, **Jakob** 1:13–14 (Alma 47:35).

**Leraar, Äaroniese Priesterskap.** *Sien ook* Äaroniese Priesterskap

′n Amp in die Äaroniese Priesterskap.

Die leraar se plig is om oor die Kerk te waak, **L&V** 20:53–60. Die amp van leraar is ′n noodsaaklike aanhangsel van die mindere priesterskap, **L&V** 84:30, 111. Die president van ′n leraarskworum presideer oor vier en twintig leraars, **L&V** 107:86.

**Levi.** *Sien ook* Israel; Jakob, Seun van Isak

In die Ou Testament, die derde seun van Jakob en Lea (Gén. 29:34; 35:23). Levi het die vader van een van die stamme van Israel geword.

*Die stam van Levi:* Jakob het vir Levi en sy afstammelinge geseën (Gén. 49:5–7, 28). Afstammelinge van Levi het in die heiligdomme van Israel gedien (Núm. 1:47–54). Äaron was ′n Leviet, en sy afstammelinge was priesters (Ex. 6:16–20; 28:1–4; 29). Die Leviete het die priesters, die seuns van Äaron, bygestaan (Núm. 3:5–10; 1 Kon. 8:4). Hulle het somtyds opgetree as musikante (1 Kron. 15:16; Neh. 11:22); het offerandes geslag (2 Kron. 29:34; Esra 6:20); en het oor die algemeen bygestaan in die tempel (Neh. 11:16). Die Leviete was toegewy aan die diens van die Here om die ordinansies vir die kinders van Israel uit te voer. Die Leviete is self as beweegoffer ten behoewe van die kinders van Israel gewy (Núm. 8:11–22); hulle het dus God se eienaardige eiendom geword wat aan Hom gegee is in die plek van die eersgeborene (Núm. 8:16). Hulle is nie geordineer nie maar is gereinig vir hulle amp (Núm. 8:7–16). Hulle het geen erfland in Kanaän gehad nie (Núm. 18:23–24), maar hulle het die tiende ontvang (Núm. 18:21), agt en veertig stede (Núm. 35:6), en ′n reg om die aalmoese van die mense te ontvang by feestye (Deut. 12:18–19; 14:27–29).

**Levitiese Priesterskap.** *Sien* Äaroniese Priesterskap

**Levítikus.** *Sien ook* Pentateug

′n Boek in die Ou Testament wat die priesterlike pligte van Israel uiteensit. Dit benadruk die heiligheid van God en die norme waarvolgens sy volk kon leef om heilig te word. Die doel van die boek is om die morele beginsels en godsdienstige waarhede van die wet van Moses te onderrig deur middel van rituele. Moses het die boek Levítikus geskryf.

Hoofstuk 1–7 verduidelik die ordinansies wat uit offerandes bestaan. Hoofstuk 8–10 beskryf die ritueel wat nagekom word tydens die wyding van priesters. Hoofstuk 11 verduidelik wat mag of nie geëet mag word nie en wat rein of onrein is. Hoofstuk 12 bespreek vroue ná kindergeboorte. Hoofstuk 13–15 is wette met betrekking tot seremoniële onreinheid. Hoofstuk 16 bevat die ritueel wat nagekom moet word op die Dag van Versoening. Hoofstuk 17–26 bevat ′n kode van wette wat handel oor godsdienstige en sosiale seremonies. Hoofstuk 27 verduidelik dat die Here vir Israel beveel het om hulle oeste, kuddes en troppe toe te wy aan die Here.

**Lewe.** *Sien ook* Ewige Lewe; Lig, Lig van Christus

Stoflike en geestelike bestaan wat moontlik gemaak word deur die mag van God.

Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, **Deut.** 30:15–20. U sal my die pad van die lewe bekend maak, **Ps.** 16:11. Hy wat geregtigheid najaag, sal die lewe vind, **Spr.** 21:21.

Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind, **Matt.** 10:39 (Matt. 16:25; Mark. 8:35; Lk. 9:24; 17:33). Die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red, **Lk.** 9:56. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense, **Joh.** 1:4. Wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het oorgegaan uit die dood in die lewe, **Joh.** 5:24. Ek is die weg en die waarheid en die lewe, **Joh.** 14:6. As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense, **1 Kor.** 15:19–22. Godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomende lewe het, **1 Tim.** 4:8.

Ons kinders mag vooruitsien na daardie lewe wat in Christus is, **2 Ne.** 25:23–27. Hierdie lewe is die tyd vir die mens om voor te berei om God te ontmoet, **Alma** 34:32 (Alma 12:24). Ek is die lig en die lewe van die wêreld, **3 Ne.** 9:18 (Mosia 16:9; 3 Ne. 11:11; Ether 4:12).

Geseënd is hulle wat getrou is, of dit in die lewe of in die dood is, **L&V** 50:5. Dit is ewige lewens—om God en Jesus Christus te ken, **L&V** 132:24.

Dit is my werk en my heerlikheid—om die onsterflikheid en die ewige lewe van die mens teweeg te bring, **Moses** 1:39.

**Lewende Water.** *Sien ook* Jesus Christus

'n Simbool van die Here Jesus Christus en sy leerstellings. Net soos water noodsaaklik is om fisiese lewe te onderhou, is die Verlosser en sy leerstellings (lewende water) noodsaaklik vir die ewige lewe.

En julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil, **Jes.** 12:3. Hulle het My, die fontein van lewende water, verlaat, **Jer.** 2:13.

Elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, **Joh.** 4:6–15. As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink, **Joh.** 7:37.

Die staaf van yster het gelei na die bron van lewende waters, **1 Ne.** 11:25.

Neem vryelik van die waters van die lewe, **L&V** 10:66. My gebooie sal 'n bron van lewende water wees, **L&V** 63:23.

**Liahona**

In die Boek van Mormon, 'n brons bal met twee wysers wat rigting gegee het—soos 'n kompas—en ook geestelike aanwysings aan Lehi en sy volgelinge wanneer hulle regverdig was. Die Here het die Liahona verskaf en het aanwysings daardeur gegee.

Lehi het 'n brons bal met twee asse gevind wat in die rigting gewys het waarheen Lehi en sy gesin moes gaan, **1 Ne.** 16:10. Die bal het volgens geloof en ywer gewerk, **1 Ne.** 16:28–29 (Alma 37:40). Benjamin het die bal aan Mosia gegee, **Mosia** 1:16. Die bal of rigtingwyser was die Liahona genoem, **Alma** 37:38. Die Liahona is vergelyk met die woord van Christus, **Alma** 37:43–45.

Die Drie Getuies van die Boek van Mormon sou die rigtingwyser sien wat aan Lehi gegee is, **L&V** 17:1.

**Liberty-gevangenis, Missouri (VSA).** *Sien ook* Smith, Joseph, Jr.

'n Klein gevangenis waarin die Profeet Joseph Smith en andere wederregtelik gevange gehou is vanaf November 1838 tot April 1839. Terwyl hy in hierdie moeilike omstandighede was, het Joseph sekere openbarings ontvang, profesieë gegee en was geïnspireer om

'n belangrike brief te skryf aan die Heiliges, uittreksels waarvan vervat is in Leer en Verbonde 121–123.

**Liefde.** *Sien ook* Medelye; Naasteliefde; Vyandskap

'n Diepe gehegtheid en toegeneentheid. Liefde vir God sluit in gehegtheid, aanbidding, eerbied, teerheid, barmhartigheid, vergifnis, medelye, genade, diens, dankbaarheid en vriendelikheid. Die grootste voorbeeld van God se liefde vir sy kinders word gevind in die oneindige Versoening van Jesus Christus.

Jy moet jou naaste liefhê soos jouself, **Lev.** 19:18 (Matt. 5:43–44; 22:37–40; Rom. 13:9; Gal. 5:14; Jak. 2:8; Mosia 23:15; L&V 59:6). Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, **Deut.** 6:5 (Moro. 10:32; L&V 59:5). Die Here julle God beproef julle om te weet of julle werklik die Here julle God liefhet, **Deut.** 13:3. Die Here tugtig hom wat Hy liefhet, **Spr.** 3:12. Die vriend het altyd lief, **Spr.** 17:17.

God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, **Joh.** 3:16 (L&V 138:3). Julle moet mekaar liefhê, soos Ek julle liefgehad het, **Joh.** 13:34 (Joh. 15:12, 17; Moses 7:33). As julle My liefhet, bewaar my gebooie, **Joh.** 14:15 (L&V 42:29). Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee, **Joh.** 15:13. Petrus, het jy my waarlik lief, meer as hulle hier? Laat my lammers wei, **Joh.** 21:15–17. Wie sal ons skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus is, **Rom.** 8:35–39. Wat die oog nie gesien het wat God berei het vir die wat Hom liefhet, **1 Kor.** 2:9. Dien mekaar deur die liefde, **Gal.** 5:13. Mans, julle moet jul eie vroue liefhê, **Efés.** 5:25 (Kol. 3:19). Moenie die wêreld liefhê nie, **1 Joh.** 2:15. God is liefde, **1 Joh.** 4:8. Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het, **1 Joh.** 4:19.

Christus ly vanweë sy liefdevolle teerheid teenoor die kinders van mense, **1 Ne.** 19:9. Beur vorentoe met 'n liefde van God en van alle mense, **2 Ne.** 31:20. Julle sal hulle leer om mekaar lief te hê en om mekaar te dien, **Mosia** 4:15. As julle gevoel het om die lied van verlossende liefde te sing, kan julle nou so voel, **Alma** 5:26. Word gelei deur die Heilige Gees en word geduldig, vol liefde, **Alma** 13:28. Beteuel al jou hartstogte, sodat jy vervul mag word met liefde, **Alma** 38:12. Daar was geen twis as gevolg van die liefde van God wat gewoon het in die harte van die volk nie, **4 Ne.** 1:15. Alles wat ons nooi om God lief te hê word geïnspireer deur God, **Moro.** 7:13–16. Naasteliefde is die suiwere liefde van Christus, **Moro.** 7:47. Volmaakte liefde dryf vrees uit, **Moro.** 8:16 (1 Joh. 4:18).

Die liefde bekwaam die mens vir God se werk, **L&V** 4:5 (L&V 12:8). Heiligmaking kom na al diegene wat God liefhet en dien, **L&V** 20:31. As jy my liefhet, dien my en onderhou my gebooie, **L&V** 42:29 (Joh. 14:15). Betoon 'n vermeerdering van liefde teenoor hom wat jy reghelp of vermaan, **L&V** 121:43.

Die mense het vir Satan liewer gehad as vir God, **Moses** 5:13, 18, 28.

**Lieg.** *Sien ook* Bedrog, Bedrieg, Bedrieër; Eerlik, Eerlikheid; Kwaadsprekery

Enige mededeling van valsheid of onwaarheid met die doel om te bedrieg.

Julle mag nie steel nie, en julle mag nie lieg nie, **Lev.** 19:11. Leuens haat ek en het daar 'n afsku van, **Ps.** 119:163. Valse lippe is vir die Here 'n gruwel, **Spr.** 12:22. Hulle is tog my volk, kinders wat nie sal lieg nie, **Jes.** 63:8.

Die duiwel is 'n leuenaar en die vader van leuens, **Joh.** 8:44 (2 Ne. 2:18; Ether 8:25; Moses 4:4). Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God, **Hand.** 5:4 (Alma 12:3). As iemand sê: Ek het God lief—en sy broer haat, is hy 'n leuenaar, **1 Joh.** 4:20. Hulle deel is in die poel wat brand

met vuur en swael, dit is die tweede dood, **Openb.** 21:8 (L&V 63:17).

Wee die leuenaar, want hy sal afgestoot word na die hel, **2 Ne.** 9:34. Daar sal baie wees wat valse leerstellings sal verkondig en sê: lieg ′n bietjie, daar is geen kwaad hierin nie, **2 Ne.** 28:8–9 (L&V 10:25). Verbeel julle dat julle vir die Here kan lieg, **Alma** 5:17. U is ′n God van waarheid en kan nie lieg nie, **Ether** 3:12 (Núm. 23:19; 1 Sam. 15:29; Tit. 1:2; Hebr. 6:18; Enos 1:6).

Hy wat lieg en nie wil bekeer nie sal uitgewerp word, **L&V** 42:21. Leuenaars beërwe die telestiale heerlikheid, **L&V** 76:81, 103–106.

Ons glo dat ons eerlik moet wees, **Gel. Art.** 1:13.

**Lig, Lig van Christus.** *Sien ook* Gewete; Heilige Gees; Intelligensie, Intelligensies; Jesus Christus; Waarheid

Goddelike energie, krag of invloed wat vanaf God uitgaan deur Christus en lewe en lig aan alle dinge gee. Dit is die wet waardeur alle dinge beheer word in die hemel en op aarde (L&V 88:6–13). Dit help ook vir mense om evangeliese beginsels te verstaan en help om hulle op die evangeliese weg te plaas wat lei na heil (Joh. 3:19–21; 12:46; Alma 26:15; 32:35; L&V 93:28–29, 31–32, 40, 42).

Die lig van Christus moet nie verwar word met die Heilige Gees nie. Die lig van Christus is nie ′n persoon nie. Dit is ′n invloed wat van God kom en ′n persoon voorberei om die Heilige Gees te ontvang. Dit is ′n invloed ten goede in die lewens van alle mense (Joh. 1:9; L&V 84:46–47).

Een bewys van die lig van Christus is gewete, wat ′n persoon help om te kies tussen reg en verkeerd (Moro. 7:16). Soos mense meer leer aangaande die evangelie, word hulle gewetes gevoeliger (Moro. 7:12–19). Mense wat ag slaan op die lig van Christus word gelei na die evangelie van Jesus Christus (L&V 84:46–48).

Die Here is my lig, **Ps.** 27:1. Laat ons wandel in die lig van die Here, **Jes.** 2:5 (2 Ne. 12:5). Die Here sal ′n ewige lig wees, **Jes.** 60:19.

Die waaragtige Lig verlig elke mens wat in die wêreld kom, **Joh.** 1:4–9 (Joh. 3:19; L&V 6:21; 34:1–3). Ek is die lig van die wêreld, **Joh.** 8:12 (Joh. 9:5; L&V 11:28).

Wat ook al lig is, is goed, **Alma** 32:35. Christus is die lewe en die lig van die wêreld, **Alma** 38:9 (3 Ne. 9:18; 11:11; Ether 4:12). Die Gees van Christus is aan elke mens gegee sodat hy goed van kwaad mag onderskei, **Moro.** 7:15–19.

Dit wat van God is, is lig en word al hoe helderder tot die volle dag, **L&V** 50:24. Die Gees gee lig aan elke mens, **L&V** 84:45–48 (L&V 93:1–2). Hy wat sy gebooie onderhou, ontvang lig en waarheid, **L&V** 93:27–28. Lig en waarheid versaak daardie bose een, **L&V** 93:37.

**Liggaam.** *Sien ook* Dood, Fisiese; Opstanding; Siel; Sterflik, Sterflikheid

Die sterflike, fisiese struktuur van vlees en been geskape na God se beeld wat saamgevoeg word met ′n gees om ′n lewende persoon te vorm. Die fisiese liggame van alle mans en vroue sal herenig word vir ewig met hul geeste in die Opstanding. Die skrifture verwys somtyds na ′n liggaam en gees wat saamgevoeg is as ′n siel (Gén. 2:7; L&V 88:15; Moses 3:7, 9, 19; Abr. 5:7).

Die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde, **Gén.** 2:7 (Moses 3:7).

Voel aan My en kyk, want ′n gees het nie vlees en bene nie, **Lk.** 24:39. Maar ek kasty my liggaam en bring dit onder beheer, **1 Kor.** 9:27. Daar is ′n natuurlike liggaam, en daar is ′n geestelike liggaam, **1 Kor.** 15:44. Die liggaam sonder die gees is dood, **Jak.** 2:26.

Die sterflike liggaam sal opgewek

word as ʼn onsterflike liggaam, **Alma** 11:43–45. Elke deel van die liggaam sal herstel word, **Alma** 41:2. Jesus het sy herrese liggaam getoon aan die Nefiete, **3 Ne.** 10:18–19; 11:13–15.

Die Vader het ʼn liggaam van vlees en bene so tasbaar soos ʼn mens sʼn; die Seun ook, **L&V** 130:22.

God het die man en die vrou geskape na die beeld van sy eie liggaam, **Moses** 6:9 (Gén. 9:6).

**Ligsinnigheid.** *Sien ook* Kwaadsprekery

Om heilige dinge ligtelik op te neem (L&V 84:54).

Die Heiliges moet nie ydele gedagtes hê nie, nóg ʼn oormaat van gelag, **L&V** 88:69. Hou op om hoogmoedig en ligsinnig te wees, **L&V** 88:121.

**Limhi.** *Sien ook* Noag, Seun van Zenif

In die Boek van Mormon, ʼn regverdige koning van die Nefiete in die land Nefi; hy was ʼn seun van Koning Noag (Mosia 7:7–9). Koning Limhi het ʼn verbond gesluit om God te dien (Mosia 21:32). Hy het sy volk uit Lamanitiese slawerny gelei en na Zarahemla teruggekeer (Mosia 22).

**Loof.** *Sien* Dank, Dankbaar, Danksegging; Heerlikheid

**Lot.** *Sien ook* Abraham

In die Ou Testament, die seun van Haran en neef van Abraham (Gén. 11:27, 31; Abr. 2:4). Haran het gesterf vanweë die hongersnood in Ur (Abr. 2:1). Lot het Ur verlaat saam met Abraham en Sara en het met hulle na Kanaän gereis (Gén. 12:4–5). Lot het verkies om in Sodom te woon. Die Here het boodskappers gestuur om vir Lot te waarsku om te vlug uit Sodom voordat die Here dit sou vernietig vanweë die goddeloosheid van die mense (Gén. 13:8–13; 19:1, 13, 15); Lot se vrou het egter teruggekyk na die vernietiging en het ʼn soutpilaar geword (Gén. 19:26). Die Nuwe Testament bevat verwysings na Lot (Lk. 17:29; 2 Petr. 2:6–7). Sy lewe nadat hy van Abraham weggegaan het word beskryf in Génesis 13, 14, en 19.

**Lot, Werp van die**

ʼn Manier om verskeie keuse-opsies te selekteer of uit te skakel. Dikwels word dit gedoen deur een strokie papier of ʼn stokkie te kies tussen talle ander.

Hulle het sy klere verdeel deur die lot te werp, **Matt.** 27:35 (Ps. 22:19; Mark. 15:24; Lk. 23:34; Joh. 19:24). Toe werp hulle die lot, en die lot het op Matthías geval, **Hand.** 1:23–26.

En ons het die lot gewerp—wie van ons moes ingaan na die huis van Laban, **1 Ne.** 3:11.

**Lucifer.** *Sien ook* Antichris; Duiwel; Hel; Seuns van die Verderf; Vernietiger

Die naam beteken die “Skitterende Een” of “Ligdraer.” Hy staan ook bekend as die Seun van die Môre. Lucifer was ʼn geesteseun van Hemelse Vader en het die rebellie in die vooraardse lewe gelei. Openbarings van die laaste dae gee meer besonderhede omtrent Lucifer se val (L&V 76:25–29).

Lucifer het in die vooraardse bestaan geval, **Jes.** 14:12 (Lk. 10:18; 2 Ne. 24:12). Na sy val het hy Satan en die duiwel geword, **L&V** 76:25–29 (Moses 4:1–4).

**Lui, Luiheid**

Onaktief en nie betrokke by regverdige werke nie.

As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie, **2 Thes.** 3:10.

Hulle het ʼn lui volk geword, vol ondeug, **2 Ne.** 5:24. Sorg dat jy luiheid vermy, **Alma** 38:12.

Hy wat lui is sal nie die brood eet van die arbeider nie, **L&V** 42:42. Wee julle wat nie met julle eie hande wil werk nie,

**L&V** 56:17. Julle moet geesdriftig besig bly in ʼn goeie saak, **L&V** 58:27. Hou op om ledig te wees, **L&V** 88:124.

**Lukas.** *Sien ook* Evangelies; Handelinge van die Apostels

Die skrywer van die Evangelie van Lukas en die boek Handelinge in die Nuwe Testament en ʼn sendingmetgesel van Paulus. Hy is uit Griekse ouers gebore en het as geneesheer gepraktiseer (Kol. 4:14). Lukas het ʼn goeie opvoeding gehad. Hy het homself geïdentifiseer as ʼn metgesel van die Apostel Paulus toe hy by Paulus in Troas aangesluit het (Hand. 16:10–11). Lukas was ook saam met Paulus by Filippi ten tye van Paulus se laaste reis na Jerusalem (Hand. 20:6) en die twee was saam tot hulle aankoms in Rome. Lukas was ook saam met Paulus gedurende sy tweede Romeinse gevangenisneming (2 Tim. 4:11). Volgens oorlewering het hy as ʼn martelaar gesterf.

*Die Evangelie van Lukas:* ʼn Verslag wat Lukas geskryf het van Jesus Christus en sy aardse bediening. Die boek van die Handelinge van die Apostels is ʼn voortsetting van die Evangelie van Lukas. Lukas het ʼn goedgeskrewe verslag van Jesus se sending nagelaat waarin hy Jesus as die Saligmaker van beide Jood en nie-Jood voorstel. Hy het baie geskryf omtrent Jesus se leringe en dade. In Lukas kry ons die enigste verslae van die besoeke van Gabriël aan Sagaría en Maria (Lk. 1); die besoeke van die herders aan die baba Jesus (Lk. 2:8–18); Jesus by die tempel op ouderdom twaalf (Lk. 2:41–52); die aanstelling en uitstuur van die sewentig (Lk. 10:1–24); Jesus wat bloed sweet (Lk. 22:44); Jesus se gesprek met die misdadiger aan die kruis (Lk. 23:39−43); en Jesus wat vis en heuning eet na sy Opstanding (Lk. 24:42–43).

Vir ʼn lys van gebeure in die Saligmaker se lewe wat in die Evangelie van Lukas beskryf word, sien Ooreenstemming van die Evangelies in die bylae.

**Maagd.** *Sien ook* Maria, Moeder van Jesus

ʼn Man of vrou van hubare ouderdom wat nooit seksuele omgang gehad het nie. In die skrifture kan ʼn maagd iemand verteenwoordig wat moreel rein is (Openb. 14:4).

Die maagd sal swanger word en ʼn seun baar, **Jes.** 7:14 (Matt. 1:23; 2 Ne. 17:14).

Die koninkryk van die hemel word vergelyk met tien maagde, **Matt.** 25:1–13.

In die stad Násaret het ek ʼn maagd aanskou wat die moeder van die Seun van God was, **1 Ne.** 11:13–18. Maria was ʼn maagd, ʼn kosbare en uitverkore vat, **Alma** 7:10.

**Maagd Maria.** *Sien* Maria, Moeder van Jesus

**Magog.** *Sien ook* Gog; Tweede Koms van Jesus Christus

In die Bybel, ʼn land en volk naby die Swart See. Hulle koning, Gog, sal die leërs van Magog lei in ʼn laaste groot stryd voor die Tweede Koms van Christus (Eség. 38:2; 39:6). Die skrifture praat van nog ʼn groot stryd van Gog en Magog aan die einde van die Millennium tussen die magte van God en die magte van die bose (Openb. 20:7–9; L&V 88:111–116).

**Maleági**

ʼn Ou Testamentiese profeet wat geskryf en geprofeteer het in ongeveer 430 n.C.

*Die boek van Maleági:* Die boek of profesie van Maleági is die laaste boek in die Ou Testament. Dit bevat vier hooftemas: (1) die sondes van Israel—-Maleági 1:6–2:17; 3:8–9; (2) die oordele wat oor Israel sal kom as gevolg

van hulle ongehoorsaamheid—Maleági 1:14; 2:2–3, 12; 3:5; (3) die beloftes vir gehoorsaamheid—Maleági 3:10–12, 16–18; 4:2–3; en (4) profesieë aangaande Israel—Maleági 3:1–5; 4:1, 5–6 (L&V 2; 128:17; JS—G 1:37–39).

In sy profesie het Maleági geskryf van Johannes die Doper (Mal. 3:1; Matt. 11:10), die wet van die tiende (Mal. 3:7–12), die Tweede Koms van die Here (Mal. 4:5) en die terugkeer van Elía (Mal. 4:5–6; L&V 2; 128:17; JS—G 1:37–39). Die Saligmaker het die volledige hoofstuk 3 en 4 van Maleági aangehaal aan die Nefiete (3 Ne. 24–25).

**Mammon.** *Sien ook* Geld

'n Aramese woord wat beteken "rykdom" (Matt. 6:24; Lk. 16:9; L&V 82:22).

**Man van Heiligheid.** *Sien ook* God, Godheid; Seun van die Mens; Vader in die Hemel

'n Ander naam vir God die Vader (Moses 6:57).

**Manasse.** *Sien ook* Efraim; Israel; Josef, Seun van Jakob

In die Ou Testament, die oudste seun van Ásenat en Josef wat in Egipte verkoop is (Gén. 41:50–51). Hy en sy broer, Efraim, was kleinseuns van Jakob (Israel) maar is deur hom aangeneem en geseën asof hulle sy eie seuns was (Gén. 48:1–20).

*Die stam van Manasse:* Manasse se afstammelinge was getel onder die stamme van Israel (Núm. 1:34–35; Jos. 13:29–31). Moses se seëninge van die stam van Josef, wat ook aan Efraim en Manasse gegee is, is opgeteken in Deuteronómium 33:13–17. Die land wat aan hulle toegewys was, was gedeeltelik wes van die Jordaan en langs dié van Efraim. Hulle het ook kolonies oos van die Jordaan gehad in die vrugbare weilande van Basan en Gílead. In die laaste dae sal die stam van Manasse die stam van Efraim bystaan om verstrooide Israel bymekaar te maak (Deut. 33:13–17). Die Boek van Mormon profeet Lehi, was 'n afstammeling van Manasse (Alma 10:3).

**Manifes.** *Sien ook* Huwelik, Trou—Meervoudige huwelik; Woodruff, Wilford

'n Amptelike verklaring deur President Wilford Woodruff in 1890 wat dit duidelik stel dat die Kerk en sy lede hulle onderwerp het aan die wet van die land en nie langer meervoudige huwelike uitvoer nie (AV 1). President Woodruff het die Manifes uitgereik na 'n visioen en openbaring van God.

**Manna.** *Sien ook* Brood van die Lewe; Exodus

'n Klein, ronde voedingsmiddel wat smaak soos heuningkoek (Ex. 16:14–31) of vars oliekoeke (Núm. 11:7–8). Die Here het dit voorsien om die kinders van Israel te voed gedurende hulle veertig jaar in die woestyn (Ex. 16:4–5, 14–30, 35; Jos. 5:12; 1 Ne. 17:28).

Die kinders van Israel het dit manna genoem (of *man-hu* in Hebreeus)—wat beteken "Wat is dit?"—omdat hulle nie geweet het wat dit was nie (Ex. 16:15). Dit was ook "brood van engele" genoem en "koring van die hemel" (Ps. 78:24–25; Joh. 6:31). Dit was 'n simbool van Christus wat die Brood van die Lewe sou wees (Joh. 6:31–35).

**Maria Magdaléna**

'n Vrou in die Nuwe Testament wat 'n toegewyde dissipel van Jesus Christus geword het. Magdaléna verwys na Mágdala, die plek waarvandaan hierdie Maria gekom het. Dit is geleë aan die weskus van die See van Galiléa.

Sy was naby die kruis, **Matt.** 27:56 (Mark. 15:40; Joh. 19:25). Sy was by Christus se begrafnis, **Matt.** 27:61 (Mark. 15:47). Sy was by die graf die oggend van die opstanding, **Matt.** 28:1 (Mark. 16:1; Lk. 24:10; Joh. 20:1, 11).

Jesus het eerste aan haar verskyn na sy opstanding, **Mark.** 16:9 (Joh. 20:14–18). Sewe duiwels het uit haar gegaan, **Lk.** 8:2.

**Maria van Betánië.** *Sien ook* Lasarus; Martha

In die Nuwe Testament, die suster van Lasarus en Martha.

Maria het gesit en luister aan Jesus se voete, **Lk.** 10:39, 42. Maria en Martha, haar suster, het vir Jesus laat roep, **Joh.** 11:1–45. Sy het Jesus se voete met nardussalf gesalf, **Joh.** 12:3–8.

**Maria, Moeder van Jesus.** *Sien ook* Jesus Christus; Josef, Eggenoot van Maria

In die Nuwe Testament, ʼn maagd gekies deur God die Vader om die moeder van sy Seun in die vlees te wees. Na Jesus se geboorte het Maria ander kinders gehad (Mark. 6:3).

Sy was verloof aan Josef, **Matt.** 1:18 (Lk. 1:27). Josef is aangesê om nie van Maria te skei of om haar te onthef van die verlowing nie, **Matt.** 1:18–25. Die wyse manne het vir Maria besoek, **Matt.** 2:11. Maria en Josef het met die kind Jesus na Egipte gevlug, **Matt.** 2:13–14. Na Herodes se dood het die gesin na Násaret teruggekeer, **Matt.** 2:19–23. Die engel Gabriël het haar besoek, **Lk.** 1:26–38. Sy het vir Elisabet, haar niggie, besoek, **Lk.** 1:36, 40–45. Maria het ʼn lofpsalm aan die Here opgedra, **Lk.** 1:46–55. Maria het saam met Josef na Betlehem gegaan, **Lk.** 2:4–5. Maria het geboorte geskenk aan Jesus en het Hom in ʼn krip gelê, **Lk.** 2:7. Die skaapwagters het na Betlehem gegaan om die Christuskind te besoek, **Lk.** 2:16–20. Maria en Josef het Jesus na die tempel in Jerusalem geneem, **Lk.** 2:21–38. Maria en Josef het Jesus na die Paasfees geneem, **Lk.** 2:41–52. Maria was by die troue in Kana, **Joh.** 2:2–5. Terwyl die Saligmaker aan die kruis was, het hy Johannes gevra om sy moeder te versorg, **Joh.** 19:25–27. Maria was saam met die Apostels nadat Christus na die hemel opgevaar het, **Hand.** 1:14.

Maria was ʼn maagd, uitermate mooi en skoon bo alle ander maagde, **1 Ne.** 11:13–20. Christus se moeder sou Maria genoem word, **Mosia** 3:8. Maria sou ʼn maagd wees, ʼn kosbare en uitverkore vat, **Alma** 7:10.

**Maria, Moeder van Markus.** *Sien ook* Markus

In die Nuwe Testament, die moeder van Johannes Markus, wat die evangelie van Markus geskryf het (Hand. 12:12).

**Markus.** *Sien ook* Evangelies

In die Nuwe Testament was Johannes Markus die seun van Maria wat in Jerusalem gewoon het (Hand. 12:12); hy was moontlik ook die neef van Bárnabas (Kol. 4:10). Hy het saam met Paulus en Bárnabas gegaan vanaf Jerusalem op hulle eerste sendingreis en het hulle by Perge agtergelaat (Hand. 12:25; 13:5, 13). Later het hy vir Barnábas vergesel na Ciprus (Hand. 15:37–39). Hy was saam met Paulus by Rome (Kol. 4:10; Filém. 1:24), en hy was saam met Petrus in Babilon (vermoedelik Rome) (1 Petr. 5:13). Ten slotte was hy saam met Timótheüs in Éfese (2 Tim. 4:11).

*Die Evangelie van Markus:* Die tweede boek in die Nuwe Testament. Markus se evangelie is vermoedelik onder Petrus se leiding geskryf. Sy doel is om die Here te beskryf as die Seun van God wat leef en optree onder die mense. Markus het met energie en nederigheid die indruk wat Jesus op omstanders gemaak het, beskryf. Volgens oorlewering het Markus Egipte besoek na Petrus se dood, die Kerk in Alexandrië georganiseer en ʼn marteldood gesterf.

Vir ʼn lys van gebeure in die Saligmaker se lewe beskryf in die Evangelie van Markus, sien Ooreenstemming van die Evangelies in die bylae.

**Marsh, Thomas B.**

Die Eerste President van die Kworum van die Twaalf Apostels na die Herstelling van die Kerk in 1830. Hy het die sleutels van die koninkryk gehou met betrekking tot die Twaalf (L&V 112:16) en in 1838 is hy deur openbaring beveel om die Here se woord te publiseer (L&V 118:2). Afdeling 31 van die Leer en Verbonde is aan hom gerig. Marsh is uit die Kerk geëkskommunikeer in 1839, maar is weer herdoop in Julie 1857.

**Martelaar, Martelaarskap**

ʼn Persoon wat eerder sy lewe gee as om Christus, die evangelie of sy regverdige oortuiginge of beginsels te versaak.

Al die regverdige bloed vanaf Abel tot Sagaría sal getuig teen die goddelose, **Matt.** 23:35 (Lk. 11:50). Elkeen wat sy lewe verloor om my ontwil en om die evangelie, sal dit red, **Mark.** 8:35 (L&V 98:13). En hulle het Stéfanus gestenig, **Hand.** 7:59 (Hand. 22:20). Want waar ʼn testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word, **Hebr.** 9:16–17.

Abinadi het geval deurdat hy deur vuur gedood is, **Mosia** 17:20. Bekeerde Ammonihahiete is in die vuur gewerp, **Alma** 14:8–11. Baie is gedood omdat hulle van hierdie dinge getuig het, **3 Ne.** 10:15.

Wie sy lewe aflê vir My, sal die ewige lewe vind, **L&V** 98:13–14. Joseph Smith en Hyrum Smith was martelaars vir die herstelling van die evangelie, **L&V** 135. Joseph Smith het sy getuienis verseël met sy bloed, **L&V** 136:39.

**Martha.** *Sien ook* Lasarus; Maria van Betánië

Die suster van Lasarus en Maria in die Nuwe Testament (Lk. 10:38–42; Joh. 11:1–46; 12:2).

**Matthéüs.** *Sien ook* Evangelies

ʼn Apostel van Jesus Christus en die skrywer van die eerste boek in die Nuwe Testament. Matthéüs, ʼn Jood wat belastings ingesamel het vir die Romeine in Kapérnaüm, was waarskynlik in die diens van Herodes Ántipas. Voor sy bekering was hy bekend as Levi, seun van Alféüs (Mark. 2:14). Kort na sy roeping om Jesus se dissipel te word, het hy ʼn fees gehou waarby Jesus teenwoordig was (Matt. 9:9–13; Mark. 2:14–17; Lk. 5:27–32). Matthéüs het waarskynlik ʼn wye kennis gehad van die Ou Testamentiese skrifture en was in staat om die besonderhede van die profesieë in die lewe van Jesus in vervulling te sien gaan. Van dié Apostel se latere lewe is min bekend. Een oorlewering beweer dat hy ʼn marteldood gesterf het.

*Die Evangelie van Matthéüs:* Die eerste boek in die Nuwe Testament. Matthéüs se evangelie is waarskynlik geskryf aanvanklik vir die gebruik van Jode in Palestina. Dit gebruik baie aanhalings uit die Ou Testament. Matthéüs se hoofdoel was om te bewys dat Jesus die Messias was waarvan die Ou Testamentiese profete gespreek het. Hy het ook benadruk dat Jesus die Koning en Regter van mense is.

Vir ʼn lys van gebeure in die Saligmaker se lewe beskryf in die Evangelie van Matthéüs, sien Ooreenstemming van die Evangelies in die bylae.

**Matthías.** *Sien ook* Apostel—Kies van Apostels

Die persoon wat gekies is om Judas Iskáriot te vervang as ʼn lid van die Kworum van die Twaalf Apostels (Hand. 1:15–26). Hy was ʼn dissipel gedurende die hele tydperk van Jesus se aardse bediening (Hand. 1:21–22).

**Medelye.** *Sien ook* Barmhartig, Barmhartigheid; Liefde; Naasteliefde

In die skrifture beteken medelye letterlik “om te ly met”. Dit beteken ook om simpatie, bejammering en barmhartigheid te toon aan ʼn ander.

Die Here het ʼn beroep gedoen op sy volk om medelye te toon, **Sag.** 7:8–10.

Jesus is beweeg deur medelye, **Matt.** 9:36 (Matt. 20:34; Mark. 1:41; Lk. 7:13). ʼn Sekere Samaritaan het innig jammer vir hom gevoel, **Lk.** 10:33. Julle moet medelye met mekaar hê, **1 Petr.** 3:8.

Christus is gevul met barmhartigheid teenoor die kinders van mense, **Mosia** 15:9. My innerlike is gevul met deernis teenoor jou, **3 Ne.** 17:6.

Joseph Smith het vir die Here se medelye gebid, **L&V** 121:3–5.

**Meervoudige Huwelik.** *Sien* Huwelik, Trou—Meervoudige huwelik

**Melaatsheid**

ʼn Verskriklike vorm van velsiekte wat genoem word in die Ou en Nuwe Testamente. Baie vername mense in die Bybel het op een of ander tyd daaraan gely, insluitende Moses (Ex. 4:6–7), sy suster Mirjam (Núm. 12:10), Naäman (2 Kon. 5) en Koning Ussia (2 Kron. 26:19–21).

Jesus het melaatsheid in verskeie mense genees, **Matt.** 8:2–4 (Mark. 1:40–45; Lk. 5:12–15; 3 Ne. 17:7–9). Jesus het tien melaatses genees, **Lk.** 17:11–19.

**Melgisédek.** *Sien ook* Melgisédekse Priesterskap; Salem

ʼn Vername Ou Testamentiese hoëpriester, profeet en leier wat na die Vloed geleef het en gedurende Abraham se tyd. Hy was genoem die koning van Salem (Jerusalem), koning van vrede, koning van regverdigheid (wat die Hebreeuse betekenis van *Melgisédek* is) en priester van die Allerhoogste God.

Abraham het tiendes betaal aan Melgisédek, **Gén.** 14:18–20. En sy volk het regverdigheid tot stand gebring, en het die hemel verwerf, **JSV, Gén.** 14:25–40. Christus was ʼn hoëpriester volgens die orde van Melgisédek, **Hebr.** 5:6. Melgisédek was koning van Salem, priester van die Allerhoogste God, **Hebr.** 7:1–3.

Niemand was groter as Melgisédek nie, **Alma** 13:14–19.

Abraham het die priesterskap van Melgisédek ontvang, **L&V** 84:14. Ten einde respek te toon vir die Here se naam, het die voortydse Kerk die hoër priesterskap die Melgisédekse Priesterskap genoem, **L&V** 107:1–4.

**Melgisédekse Priesterskap.** *Sien ook* Melgisédek; Ouderling; Priesterskap

Die Melgisédekse Priesterskap is die hoër of groter priesterskap; die Aäroniese Priesterskap is die mindere priesterskap. Die Melgisédekse Priesterskap sluit die sleutels in van die geestelike seëninge van die Kerk. Deur die ordinansies van die hoër priesterskap word die krag van goddelikheid geopenbaar aan die mens (L&V 84:18–25; 107:18–21).

God het eerste hierdie hoër priesterskap aan Adam geopenbaar. Die patriarge en profete in elke tydvak het hierdie gesag gehad (L&V 84:6–17). Dit was eers die Heilige Priesterskap volgens die Orde van die Seun van God genoem. Dit het later bekend geword as die Melgisédekse Priesterskap (L&V 107:2–4).

Toe die kinders van Israel in gebreke gebly het om volgens die voorregte en verbonde van die Melgisédekse Priesterskap te lewe, het die Here die hoër wet weggeneem en vir hulle ʼn mindere priesterskap en ʼn mindere wet gegee (L&V 84:23–26). Hulle was genoem die Aäroniese Priesterskap en die wet van Moses. Toe Jesus aarde toe gekom het, het Hy die Melgisédekse Priesterskap herstel aan die Jode en het begin om die Kerk onder hulle op te bou. Die priesterskap en die Kerk het egter weer deur afvalligheid verlore gegaan. Hulle is later herstel deur Joseph Smith Jr. (L&V 27:12–13; 128:20; JS—G 1:73).

Die Melgisédekse Priesterskap omvat

die ampte van ouderling, hoëpriester, patriarg, Sewentig en Apostel (L&V 107). Die Melgisédekse Priesterskap sal altyd ʼn deel wees van die koninkryk van God op die aarde.

Die President van die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae is die president van die hoë of Melgisédekse Priesterskap en hy hou al die sleutels wat betrekking het op die koninkryk van God op die aarde. Die roeping van President word net deur een man op ʼn keer gehou en hy is die enigste persoon op aarde wat gesag het om alle priesterskapsleutels uit te oefen (L&V 107:64–67; 132:7).

Christus sal ʼn priester vir ewig wees volgens die orde van Melgisédek, **Ps.** 110:4 (Hebr. 5:6, 10; 7:11).

Die Melgisédekse Priesterskap bedien die evangelie, **Hebr.** 7 (L&V 84:18–25).

Melgisédek het magtige geloof beoefen en het die amp van die hoëpriesterskap ontvang, **Alma** 13:18.

Die Melgisédekse Priesterskap is aan Joseph Smith en Oliver Cowdery gegee, **L&V** 27:12–13 (JS—G 1:72). Hierdie priesterskap word ontvang deur ʼn eed en verbond, **L&V** 84:33–42. Daar is twee afdelings of hoofgroepe, die Melgisédekse en die Aäroniese priesterskappe, **L&V** 107:6. Die Melgisédekse Priesterskap beskik oor die reg om alle geestelike seëninge te bedien, **L&V** 107:8–18. Moses, Elías en Elía het aan Joseph Smith en Oliver Cowdery priesterskapsleutels gegee, **L&V** 110:11–16. Ek gee nou aan julle die ampsdraers wat behoort aan my priesterskap, sodat julle die sleutels daarvan mag dra, **L&V** 124:123.

**Mens die, Mense.** *Sien ook* Broers; Gees; Geesteskepping; God, Godheid; Seuns en Dogters van God; Suster; Vrou, Vroue

Die woord mens verwys na die ganse mensdom, beide manlik en vroulik. Alle mans en vroue is die letterlike geesteskinders van ʼn Hemelse Vader. Wanneer hulle in sterflikheid gebore word, ontvang hulle fisiese, sterflike liggame. Hierdie liggame is na God se ewebeeld geskape (Gén. 1:26–27). Mans en vroue wat ywerig is om die nodige ordinansies te ontvang, hulle verbonde te onderhou en om God se gebooie te gehoorsaam, sal hulle verheffing binnegaan en soos God word.

God het die mens na sy eie beeld geskape, **Gén.** 1:27 (Mosia 7:27; L&V 20:17–18). Wat is die mens dat U aan hom dink, **Ps.** 8:4–5. Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, **Jer.** 17:5 (2 Ne. 4:34; 28:26, 31).

Nou dat ek ʼn man is, het ek die dinge van ʼn kind afgelê, **1 Kor.** 13:11.

Mense is sodat hulle vreugde mag hê, **2 Ne.** 2:25. Die natuurlike mens is ʼn vyand van God, **Mosia** 3:19. Watter soort mans behoort julle te wees, **3 Ne.** 27:27.

Die werke van die mens word verydel, nie die werke van God nie, **L&V** 3:3. Jy moet nie die mens meer as vir God vrees nie, **L&V** 3:7 (L&V 30:11; 122:9). Alle dinge word gemaak vir die voordeel en gebruik van die mens, **L&V** 59:18.

Ek weet dat die mens niks is nie, **Moses** 1:10. God se werk en heerlikheid is om die onsterflikheid en die ewige lewe van die mens teweeg te bring, **Moses** 1:39.

*Die mens, ʼn geesteskind van Hemelse Vader:* Hulle het op hul aangesig geval en gesê: O God, God van die geeste van alle vlees, **Núm.** 16:22 (Núm. 27:16). Julle is kinders van die Here julle God, **Deut.** 14:1. Julle is gode, en julle is almal seuns van die Allerhoogste, **Ps.** 82:6. Julle is kinders van die lewende God, **Hos.** 1:10. Het ons nie almal een Vader nie? Het een God ons nie geskape nie, **Mal.** 2:10.

Ons is die geslag van God, **Hand.** 17:29. Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is,

**Rom.** 8:16. Wees onderworpe aan die Vader van geeste, **Hebr.** 12:9.

Die geeste van alle mense word huis toe geneem na daardie God wat hulle lewe gegee het, **Alma** 40:11.

Die inwoners van die wêrelde is gebore seuns en dogters van God, **L&V** 76:24. Die mens was in die begin by God, **L&V** 93:23, 29.

God het alle mense geestelik geskape voordat hulle op die aangesig van die aarde was, **Moses** 3:5–7. Ek is God, Ek het die wêreld gemaak en mense, voordat hulle in die vlees was, **Moses** 6:51.

*Die mens, potensiaal om soos Hemelse Vader te word:* Wees julle dan volmaak soos julle Vader is, **Matt.** 5:48 (3 Ne. 12:48). Is daar nie in julle wet geskrywe dat julle Gode is nie, **Joh.** 10:34 (L&V 76:58). Ons mag erfgename van God en mede-erfgename van Christus word, **Rom.** 8:17. Daarom is jy 'n kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus, **Gal.** 4:7. As Hy verskyn, sal ons gelyk wees aan Hom, **1 Joh.** 3:2. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, **Openb.** 3:21.

Aan hulle het Ek gegee om die seuns van God te word, **3 Ne.** 9:17.

Diegene wat die selestiale koninkryk beërwe, is gode, naamlik die seuns van God, **L&V** 76:50, 58. Dan sal hulle gode wees, omdat hulle alle mag het, **L&V** 132:20.

**Mense.** *Sien* Mens die, Mense

**Mesag.** *Sien ook* Daniël

In die Ou Testament was Sadrag, Mesag en Abednégo drie Israelitiese jeugdiges wat saam met Daniël na die paleis van Nebukadnésar, koning van Babilon, gebring is. Mesag se Hebreeuse naam was Mísael. Die vier jong manne het geweier om hulleself te verontreinig deur van die koning se kos en wyn te gebruik (Dan. 1). Sadrag, Mesag en Abednégo is deur die koning in 'n vurige oond gegooi en is wonderbaarlik bewaar (Dan. 3).

**Messias.** *Sien ook* Gesalfde Een; Jesus Christus

'n Vorm van 'n Aramese en Hebreeuse woord wat beteken "die gesalfde." In die Nuwe Testament word Jesus die Christus genoem, wat die Griekse ekwivalent is van *Messias.* Dit beteken die gesalfde Profeet, Priester, Koning en Verlosser wie se koms die Jode gretig afgewag het.

Baie Jode het slegs uitgesien na 'n verlosser van die Romeinse mag en groter nasionale welvaart; daarom, toe die Messias gekom het, het die leiers en baie ander Hom verwerp. Slegs die nederiges en getroues was in staat om in Jesus van Násaret die ware Christus te sien (Jes. 53; Matt. 16:16; Joh. 4:25–26).

Die Messias sal vervul wees met die Gees, die evangelie preek en vryheid verkondig, **Jes.** 61:1–3 (Lk. 4:18–21).

Ons het die Messias gevind wat, as dit vertaal word, die Christus is, **Joh.** 1:42 (Joh. 4:25–26).

God het onder die Jode 'n Messias opgewek, of met ander woorde, 'n Saligmaker, **1 Ne.** 10:4. Die Seun van God was die Messias wat sou kom, **1 Ne.** 10:17. Verlossing kom in en deur die heilige Messias, **2 Ne.** 2:6. Die Messias kom in die volheid van die tye, **2 Ne.** 2:26. Die Messias sal opstaan uit die dood, **2 Ne.** 25:14.

In die Naam van die Messias ken ek die Priesterskap van Aäron toe, **L&V** 13.

Die Here het gesê, Ek is die Messias, die Koning van Sion, **Moses** 7:53.

**Metúsalag.** *Sien ook* Henog

'n Seun van Henog in die Ou Testament. Metúsalag het 969 jaar gelewe (Gén. 5:21–27; Lk. 3:37; Moses 8:7). Hy was 'n regverdige profeet wat op die aarde gelaat was toe die stad van Henog na die hemel opgeneem is. Hy het op aarde agtergebly om 'n nageslag daar

te stel deur wie Noag sou kom (Moses 8:3–4).

**Middelaar.** *Sien ook* Jesus Christus; Versoen, Versoening

ʼn Bemiddelaar of tussenganger. Jesus Christus is die middelaar tussen God en die mens. Sy Versoening het die weg moontlik gemaak vir mense om te bekeer van hulle sondes en om versoen te word met God.

Niemand kom na die Vader behalwe deur Jesus Christus nie, **Joh.** 14:6. Daar is een Middelaar tussen God en die mense, **1 Tim.** 2:5. Christus is die Middelaar van ʼn beter verbond, **Hebr.** 8:6 (Hebr. 9:15; 12:24; L&V 107:19).

Die Heilige Messias sal bemiddeling maak vir al die kinders van mense, **2 Ne.** 2:9 (Jes. 53:12; Mosia 14:12). Julle moet kyk na die groot Middelaar, **2 Ne.** 2:27–28.

Ons is vervolmaak deur Jesus die Middelaar van die nuwe verbond, **L&V** 76:69.

**Miga**

ʼn Ou Testamentiese profeet. Hy was ʼn boorling van Moréset-Gat in die vlaktes van Juda, en het geprofeteer terwyl Hiskía koning was (Miga 1:1–2).

*Die boek van Miga:* Miga is die enigste boek in die Ou Testament wat Betlehem aandui as die plek waar die Messias gebore sou word (Miga 5:1). In dié boek het die Here met sy volk oorleg gepleeg en oor sy goedheid in die verlede aan hulle meegedeel; Hy het geregtigheid, liefde en ootmoed van hulle vereis (Miga 6:8).

**Mígael.** *Sien ook* Aartsengel; Adam

Die naam waaronder Adam bekend was in die vooraardse lewe. Hy word die Aartsengel genoem. In Hebreeus beteken die naam "Wie soos God is."

Mígael, een van die vernaamste vorste het gekom om vir Daniël te help, **Dan.** 10:13, 21 (L&V 78:16). In die laaste dae sal Mígael, die groot vors, opstaan, **Dan.** 12:1.

Mígael, die aartsengel het met die duiwel gestry, **Judas** 1:9. Mígael en sy engele het teen die draak oorlog gevoer, **Openb.** 12:7 (Dan. 7).

Mígael is Adam, **L&V** 27:11 (L&V 107:53–57; 128:21). Mígael, die Here se aartsengel, sal sy trompet laat klink, **L&V** 29:26. Mígael sal sy leër versamel en Satan beveg, **L&V** 88:112–115. Die stem van Mígael is gehoor waar hy die duiwel bespeur, **L&V** 128:20.

**Millennium.** *Sien ook* Hel; Tweede Koms van Jesus Christus

Die duisendjarige tydperk van vrede wat sal begin wanneer Christus terugkeer om persoonlik te heers op die aarde (Gel. Art. 1:10).

Nie meer sal hulle swaarde ophef, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie, **Jes.** 2:4 (Miga 4:3; 2 Ne. 12:4). Land wat verwoes was, het geword soos die tuin van Eden, **Eség.** 36:35.

Hulle het met Christus geleef en geheers vir ʼn duisend jaar, **Openb.** 20:4.

Vanweë regverdigheid het Satan geen mag nie, **1 Ne.** 22:26.

Ek sal in regverdigheid op aarde woon vir ʼn duisend jaar, **L&V** 29:11. Wanneer die duisend jaar beëindig is, sal Ek die aarde vir ʼn kort tydjie spaar, **L&V** 29:22. Die groot Millennium sal kom, **L&V** 43:30. Kinders van die regverdiges sal opgroei sonder sonde, **L&V** 45:58. Kinders sal opgroei totdat hulle oud word; manne sal verander word in ʼn oogwink, **L&V** 63:51. Aan die begin van die seweduisendste jaar sal die Here die aarde heilig, **L&V** 77:12. Hulle leef nie weer totdat die duisend jaar geëindig het nie, **L&V** 88:101. Satan sal gebind wees vir ʼn duisend jaar, **L&V** 88:110. Die Millennium word beskryf, **L&V** 101:23–34.

Vir ʼn duisend jaar sal die aarde rus, **Moses** 7:64.

**Mirjam.** *Sien ook* Moses

In die Ou Testament, die suster van Moses (Núm. 26:59).

Het wag gehou oor die mandjie wat van biesies gemaak was, **Ex.** 2:1–8. Het die vroue gelei met tamboeryne, **Ex.** 15:20–21. Het teen Moses gemurmureer en is met melaatsheid getref, toe genees, **Núm.** 12:1–15 (Deut. 24:9).

**Missouri.** *Sien* Nuwe Jerusalem

**Moab.** *Sien ook* Lot

ʼn Land in Ou Testamentiese tye geleë oos van die Dooie See. Die Moabiete was afstammelinge van Lot en was verwant aan die Israeliete. Hulle het ʼn taal soortgelyk aan Hebreeus gepraat. Daar was voortdurend oorlog tussen die Moabiete en die Israeliete (Rigt. 3:12–30; 11:17; 2 Sam. 8:2; 2 Kon. 3:6–27; 2 Kron. 20:1–25; Jes. 15).

**Moed, Moedig.** *Sien ook* Geloof, Glo; Vrees

Om nie bevrees te wees nie, veral om te doen wat reg is.

Wees sterk en vol moed, **Deut.** 31:6 (Jos. 1:6–7). Julle moet daar baie vas by staan om sorgvuldig te doen alles wat geskrywe staan, **Jos.** 23:6.

God het ons nie ʼn gees van vreesagtigheid gegee nie, **2 Tim.** 1:7.

Toe hy hoor, het sy hart begin om moed te skep, **Alma** 15:4 (Alma 62:1). Die seuns van Helaman was uitermate dapper in moed, **Alma** 53:20–21. Nooit het ek sulke groot moed gesien nie, **Alma** 56:45.

Hou moed, broers, en vooruit, vooruit na die oorwinning, **L&V** 128:22.

**Moeder.** *Sien ook* Eva; Gesin; Ouers

ʼn Heilige titel wat na ʼn vrou verwys wat kinders baar of aanneem. Moeders help in God se plan deur sterflike liggame te voorsien vir God se geesteskinders.

Adam het sy vrou se naam Eva genoem, omdat sy die moeder was van alles wat lewe, **Gén.** 3:20 (Moses 4:26). Eer jou vader en jou moeder, **Ex.** 20:12 (Efés. 6:1–3; Mosia 13:20). Verwerp die onderwysing van jou moeder nie, **Spr.** 1:8. ʼn Dwase mens verag sy moeder, **Spr.** 15:20 (Spr. 10:1). Verag jou moeder nie as sy oud geword het nie, **Spr.** 23:22. Haar seuns tree op en noem haar gelukkig, haar man ook, en hy prys haar, **Spr.** 31:28.

En by die kruis van Jesus het gestaan sy moeder, **Joh.** 19:25–27.

Tweeduisend Lamanitiese krygsmanne is deur hulle moeders geleer, **Alma** 56:47 (Alma 57:21).

Ons Moeder Eva was onder die groot en magtiges wat die Here opgelei het in die geesteswêreld, **L&V** 138:38–39.

**Moord.** *Sien ook* Doodstraf; Kain

Die doelbewuste en ongeregverdige neem van menslike lewe. Moord is ʼn sonde wat van die vroegste tye veroordeel word (Gén. 4:1–12; Moses 5:18–41).

Hy wat die bloed van ʼn mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word, **Gén.** 9:6 (JSV, Gén. 9:12–13; Ex. 21:12; Alma 34:12). Jy mag nie doodslaan nie, **Ex.** 20:13 (Deut. 5:17; Matt. 5:21–22; Mosia 13:21; L&V 59:6).

Jesus sê: Jy mag nie doodslaan nie, **Matt.** 19:18. Moordenaars se deel is in die tweede dood, **Openb.** 21:8.

Julle is moordenaars in julle harte, **1 Ne.** 17:44. Wee die moordenaar wat met opset doodmaak, **2 Ne.** 9:35. God het beveel dat die mens nie moet moor nie, **2 Ne.** 26:32. Moord is ʼn gruwel vir die Here, **Alma** 39:5–6.

Hy wat doodmaak sal nie vergifnis hê nie, **L&V** 42:18. Enige persoon wat doodmaak sal uitgelewer word aan die wette van die land, **L&V** 42:79.

**Mormon, Boek van.** *Sien* Boek van Mormon

**Mormon, Nefitiese Profeet.** *Sien ook* Boek van Mormon

ʼn Nefitiese profeet, militêre generaal, en kroniekskrywer in die Boek van Mormon. Mormon het ongeveer 311–385 n.C. geleef (Morm. 1:2, 6; 6:5–6; 8:2–3). Hy was ʼn militêre leier vir die grootste deel van sy lewe en het op ouderdom vyftien begin (Morm. 2:1–2; 3:8–12; 5:1; 8:2–3). Ammaron het vir Mormon beveel om homself voor te berei om die kronieke in bewaring te neem en die kronieke by te hou (Morm. 1:2–5; 2:17–18). Nadat hy die geskiedenis van sy eie lewe opgeteken het, het Mormon die groot plate van Nefi verkort op die plate van Mormon. Hy het later hierdie heilige kroniek oorhandig aan sy seun Moroni. Hierdie plate was deel van die kroniek waarvan Joseph Smith die Boek van Mormon vertaal het.

*Die Woorde van Mormon:* ʼn Klein boek in die Boek van Mormon. Tussen die laaste woorde van Amaleki in die boek van Omni en die eerste woorde in die boek van Mosia, het Mormon, die redigeerder van al die kronieke, hierdie klein invoegsel gemaak. (Sien "ʼn Kort Verduideliking van die Boek van Mormon" voor in die Boek van Mormon.)

*Die boek van Mormon:* ʼn Aparte boek binne die volume van skrifture wat bekend staan as die Boek van Mormon. Hoofstukke 1–2 vertel van Ammaron, ʼn profeet van die Nefiete, wat vir Mormon opdrag gegee het van wanneer en waar om die plate te kry. Die groot oorloë het ook begin en die Drie Nefiete is weggeneem vanweë die volk se goddeloosheid. Hoofstukke 3–4 vertel van Mormon wat bekering tot sy volk roep, maar hulle was gevoelloos, en groter goddeloosheid as ooit voorheen het in Israel geheers. Hoofstukke 5–6 teken die finale veldslae tussen die Nefiete en die Lamaniete aan. Mormon is gedood saam met meeste lede van die Nefitiese nasie. In hoofstuk 7, voor sy dood, het Mormon ʼn beroep op die volk gedoen—toe en in die toekoms—om te bekeer. Hoofstukke 8–9 teken aan dat net Mormon se seun, Moroni, uiteindelik oorgebly het. Hy het die finale tonele van dood en slagting, insluitende die einde van die Nefitiese volk opgeteken en het ʼn boodskap aan toekomstige geslagte en lesers van hierdie kroniek geskryf.

**Mormoon, Mormone.** *Sien ook* Kerk van Jesus Christus; Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, Die

Die bynaam *Mormoon* is geskep deur mense wat nie lede van die Kerk was nie om te verwys na lede van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae. Die naam is ontleen aan die heilige boek van skrifture wat saamgestel is deur die voortydse profeet, Mormon en getitel is Die Boek van Mormon. Die naam wat deur die Here gegee is waaronder lede van die Kerk bekend sal wees, is "Heiliges". Die korrekte naam van die Kerk is die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae.

**Moroni, Kaptein.** *Sien ook* Vaandel van Vryheid

In die Boek van Mormon, ʼn regverdige Nefitiese militêre aanvoerder wat ongeveer 100 v.C. geleef het.

Moroni was aangestel as hoofkaptein van al die Nefitiese leërs, **Alma** 43:16–17. Het die Nefitiese soldate geïnspireer om te veg vir hulle vryheid, **Alma** 43:48–50. Het ʼn vaandel van vryheid gemaak uit ʼn stuk van sy mantel, **Alma** 46:12–13. Was ʼn man van God gewees, **Alma** 48:11–18. Was kwaad vir die regering oor hulle onverskilligheid aangaande die land se vryheid, **Alma** 59:13.

**Moroni, Seun van Mormon.** *Sien ook* Boek van Mormon; Mormon, Nefitiese Profeet

Die laaste Nefitiese profeet in die Boek van Mormon (ongeveer 421 n.C.). Net voor Mormon se dood het hy 'n historiese kroniek, genoem die plate van Mormon, aan sy seun Moroni oorhandig (WvM 1:1). Moroni het die samestelling van die plate van Mormon voltooi. Hy het hoofstuk 8 en 9 bygevoeg tot die Boek van Mormon (Morm. 8:1). Hy het die boek van Ether verkort en ingesluit (Ether 1:1–2) en het sy eie boek bygevoeg, genaamd die boek van Moroni (Moro. 1). Moroni het die plate verseël en hulle weggebêre in die Cumoraheuwel (Morm. 8:14; Moro. 10:2). In 1823 is Moroni gestuur as 'n herrese wese om die Boek van Mormon te openbaar aan Joseph Smith (L&V 27:5; JS—G 1:30–42, 45). Hy het elke jaar die jong profeet onderrig vanaf 1823 tot 1827 (JS—G 1:54) en het uiteindelik die plate aan hom oorhandig in 1827 (JS—G 1:59). Nadat hy die vertaling voltooi het, het Joseph Smith die plate teruggegee aan Moroni.

*Die boek van Moroni:* Die laaste boek in die Boek van Mormon. Dit is geskryf deur die laaste Nefitiese profeet, Moroni. Hoofstuk 1–3 vertel van die finale vernietiging van die Nefiete en gee opdrag oor die skenking van die Heilige Gees en die priesterskap. Hoofstuk 4–5 gee besonderhede oor die presiese wyse van hoe om die nagmaal te bedien. Hoofstuk 6 gee 'n opsomming oor die werk van die Kerk. Hoofstuk 7–8 is preke oor die eerste beginsels van die evangelie, insluitende leringe deur Mormon oor geloof, hoop en liefde en oor hoe om goed en kwaad te oordeel (Moro. 7) en Mormon se verduideliking dat klein kindertjies lewendig is in Christus en geen doop benodig nie (Moro. 8). Hoofstuk 9 beskryf die verdorwenheid van die Nefitiese nasie. Hoofstuk 10 is Moroni se finale boodskap en sluit in hoe om die waarheid van die Boek van Mormon te wete te kom (Moro. 10:3–5).

**Moroniha, Seun van Kaptein Moroni**

'n Regverdige Nefitiese aanvoerder in die Boek van Mormon (ongeveer 60 v.C.).

Moroni het die leërs oorgegee aan sy seun, Moroniha, **Alma** 62:43. Hy het die stad Zarahemla herower, **Hel.** 1:33. Hy het die Nefiete tot bekering gebring en het beheer oor helfte van die land herwin, **Hel.** 4:14–20.

**Moses.** *Sien ook* Aäron, Broer van Moses; Gebooie, Die Tien; Pentateug; Transfigurasie—Transfigurasie van Christus; Wet van Moses

'n Ou Testamentiese profeet wat die Israeliete uit Egiptiese slawerny gelei het en aan hulle 'n stel van godsdienstige, sosiale en dieëtkundige wette gegee het soos geopenbaar deur God.

Moses se bediening het buite die grense van sy eie sterflike leeftyd gestrek. Joseph Smith het geleer dat hy saam met Elía na die Berg van Transfigurasie gekom het en priesterskapsleutels aan Petrus, Jakobus en Johannes geskenk het (Matt. 17:3–4; Mark. 9:4–9; Lk. 9:30; L&V 63:21).

Moses het aan Joseph Smith en Oliver Cowdery verskyn op 3 April 1836 in die tempel in Kirtland, Ohio, en het aan hulle die sleutels van die versameling van Israel verleen (L&V 110:11).

Openbarings van die laaste dae leer ons baie aangaande Moses. Hy word dikwels genoem in die Boek van Mormon en uit die Leer en Verbonde leer ons aangaande sy bediening (L&V 84:20–26) en dat hy die priesterskap van sy skoonvader Jetro ontvang het (L&V 84:6).

Openbarings van die laaste dae bevestig ook die Bybelse verslag van sy

bediening onder die kinders van Israel en herbevestig dat hy die skrywer was van die vyf boeke waarmee die Ou Testament begin (1 Ne. 5:11; Moses 1:40–41).

Is gered deur Farao se dogter, **Ex.** 2:1–10. Het gevlug na Midian, **Ex.** 2:11–22. Die engel van die Here het aan hom verskyn in ’n brandende bos, **Ex.** 3:1–15. Het plae aangekondig wat oor die Egiptenare sou kom, **Ex.** 7–11. Die Here het die Pasga ingestel, **Ex.** 12:1–30. Het die kinders van Israel deur die Rooi See gelei, **Ex.** 14:5–31. Die Here het manna in die woestyn gestuur, **Ex.** 16. Het die rots by Horeb geslaan en water het daaruit gevloei, **Ex.** 17:1–7. Aäron en Hur het sy hande omhoog gehou sodat Josua oor Amalek geseëvier het, **Ex.** 17:8–16. Jetro het hom raad gegee, **Ex.** 18:13–26. Het die volk voorberei vir die Here se verskyning op Berg Sinai, **Ex.** 19. Die Here het die tien gebooie aan hom geopenbaar, **Ex.** 20:1–17. Hy en sewentig van die oudstes het God gesien, **Ex.** 24:9–11. Het die tafels van die getuienis gebreek en het die goue kalf vernietig, **Ex.** 32:19–20. Het met God gespreek van aangesig tot aangesig, **Ex.** 33:9–11.

Het verskyn toe Jesus getransfigureer is, **Matt.** 17:1–13 (Mark. 9:2–13; Lk. 9:28–36).

Laat ons sterk wees soos Moses, **1 Ne.** 4:2. Christus is die profeet soos Moses wat die Here sal opwek, **1 Ne.** 22:20–21 (Deut. 18:15; 3 Ne. 20:23).

Het Israel gelei deur openbaring, **L&V** 8:3. Is onder die adellike geeste gesien, **L&V** 138:41.

Het God van aangesig tot aangesig gesien, **Moses** 1:2, 31. Was in die ewebeeld van die Eniggeborene, **Moses** 1:6, 13. Moes die dinge skryf wat aan hom geopenbaar is aangaande die skepping, **Moses** 2:1.

*Die boek van Moses:* ’n Boek in die Pêrel van Groot Waarde wat Joseph Smith se geïnspireerde vertaling bevat van die eerste sewe hoofstukke van Génesis.

Hoofstuk 1 teken ’n visioen aan waarin Moses God gesien het wat aan hom die hele heilsplan geopenbaar het. Hoofstukke 2–5 is ’n verslag van die Skepping en die Val van die mens. Hoofstukke 6–7 bevat ’n visioen oor Henog en sy bediening op aarde. Hoofstuk 8 bevat ’n visioen oor Noag en die Sondvloed.

*Die vyf boeke van Moses: Sien* Génesis; Exodus; Levítikus; Númeri; Deuteronómium

Die eerste vyf boeke van die Ou Testament is bekend as die boeke van Moses. Die bronsplate wat Nefi van Laban geneem het, het die boeke van Moses bevat (1 Ne. 5:11).

Nefi het baie dinge gelees wat in die boeke van Moses geskryf was, **1 Ne.** 19:23.

**Mosia, Seun van Benjamin.** *Sien ook* Benjamin, Vader van Mosia; Mosia, Seuns van

’n Regverdige Nefitiese koning en profeet in die Boek van Mormon. Mosia het die regverdige voorbeeld van sy vader gevolg (Mosia 6:4–7). Hy het die vier en twintig goue plate vertaal wat die kronieke bevat van die Jerediete (Mosia 28:17).

*Die Boek van Mosia:* ’n Boek in die Boek van Mormon. Hoofstukke 1–6 bevat Koning Benjamin se kragtige preek aan sy volk. Die Gees van die Here het hulle harte aangeraak en die volk het bekeer en het geen begeerte meer gevoel om kwaad te doen nie. Hoofstukke 7–8 vertel van ’n groep Nefiete wat in die land van die Lamaniete gaan woon het. ’n Soekgeselskap is uitgestuur om hulle te vind. Ammon, leier van die soekgeselskap, het hulle gevind en het die verhaal van hulle ontberinge onder die Lamanitiese verdrukking aangehoor. Hoofstukke 9–24 beskryf daardie verdrukking en hoedat hulle leiers—Zenif, Noag en Limhi—onder

die Lamaniete geleef het. Die marteldood van ʹn profeet, genaamd Abinadi, is ook opgeteken. Alma het bekeer tydens Abinadi se verhoor. Hoofstukke 25–28 vertel die verhale van hoe Alma se seun en vier seuns van Koning Mosia bekeer het. In hoofstuk 29 het Koning Mosia aanbeveel dat ʹn stelsel van regters die konings moet vervang. Alma, die seun van Alma, is as die eerste hoofregter verkies.

**Mosia, Seuns van.** *Sien ook* Aäron, Seun van Mosia; Ammon, Seun van Mosia; Himni; Mosia, Seun van Benjamin; Omner

In die Boek van Mormon, vier seuns van Koning Mosia wat bekeer het nadat ʹn engel aan hulle verskyn het en hulle tot bekering geroep het. Hulle name was Ammon, Aäron, Omner en Himni (Mosia 27:34). Hulle het veertien jaar deurgebring om die evangelie suksesvol aan die Lamaniete te verkondig. ʹn Kroniek van hulle bediening onder die Lamaniete word gegee in die boek van Alma, hoofstuk 17 tot 26.

Vroeër was hulle ongelowiges wat probeer het om die Kerk te vernietig, **Mosia** 27:8–10 (Alma 36:6). Hulle is deur ʹn engel tereggewys en het bekeer, **Mosia** 27:11–12, 18–20. Hulle het toestemming gekry om vir die Lamaniete te preek, **Mosia** 28:1–7.

**Mosia, Vader van Benjamin.** *Sien ook* Benjamin, Vader van Mosia; Zarahemla

In die Boek van Mormon, ʹn Nefitiese profeet wat koning gemaak is oor die volk van Zarahemla.

Mosia is gewaarsku om te vlug uit die land Nefi, **Omni** 1:12. Hy het die volk van Zarahemla ontdek, **Omni** 1:14–15. Hy het die volk van Zarahemla in sy taal laat leer, **Omni** 1:18. Hy was as koning aangestel van die verenigde volke, **Omni** 1:19. Sy seun, Benjamin, het na sy dood geheers, **Omni** 1:23.

**Mosterdsaad**

Die sade van ʹn mosterdplant. Alhoewel ʹn saad baie klein is, is die hoogte van die plant wat daaruit groei, baie groot. Jesus het die koninkryk van die hemel vergelyk met ʹn mosterdsaad (Matt. 13:31).

As julle geloof het soos ʹn mosterdsaad, sal julle berge kan versit, **Matt.** 17:20.

**Mulek.** *Sien ook* Sedekía

ʹn Seun van die Ou Testamentiese koning Sedekía (ongeveer 589 v.C.). Volgens die Bybel is al die seuns van Sedekía gedood (2 Kon. 25:7), maar die Boek van Mormon maak dit duidelik dat Mulek oorleef het (Hel. 8:21).

Zarahemla was ʹn afstammeling van Mulek, **Mosia** 25:2. Die volk van Mulek het by die Nefiete aangesluit, **Mosia** 25:13. Die Here het Mulek na die land noord gebring, **Hel.** 6:10. Al Sedekía se seuns is gedood behalwe Mulek, **Hel.** 8:21.

**Murmureer.** *Sien ook* Rebellie

Om teen God se doelstellings, planne en diensknegte te mor en kla.

Die volk het teen Moses gemurmureer, **Ex.** 15:23–16:3.

Die Jode het toe teen Jesus gemurmureer, **Joh.** 6:41.

Laman en Lemuel het in baie dinge gemurmureer, **1 Ne.** 2:11–12 (1 Ne. 3:31; 17:17).

Murmureer nie vanweë die dinge wat jy nie gesien het nie, **L&V** 25:4.

**Musiek.** *Sien ook* Gesang; Sing

Melodieë en ritmes wat gesing en gespeel is sedert vroeëre Bybelse tye om vreugde, lof en aanbidding uit te druk (2 Sam. 6:5). Dit kan ʹn vorm van gebed wees. Die psalms is waarskynlik gesing met eenvoudige melodieë en begelei deur instrumente.

Mirjam, die suster van Aäron en

Moses, het ’n tamboeryn geneem en sy en die vroue het gedans, **Ex.** 15:20. Die Leviete wat die sangers was, het simbale en harpe gehad en eenhonderd en twintig priesters het hulle trompette geblaas, **2 Kron.** 5:12.

Jesus en die Twaalf het na die Laaste Avondmaal ’n gesang gesing, **Matt.** 26:30. Leer en vermaan mekaar met psalms en gesange en geestelike liedere, **Kol.** 3:16.

Het julle gevoel om die lied van verlossende liefde te sing, **Alma** 5:26.

God se siel verbly hom in die lied van die hart, ja, die lied van die regverdige is ’n gebed, **L&V** 25:12. Prys die Here met sang, met musiek en met dans, **L&V** 136:28.

**Naam van die Kerk.** *Sien* Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, Die; Kerk, Naam van

**Naäman.** *Sien ook* Elísa

In die Ou Testament, die kaptein van ’n Siriese koning se leër. Hy was ook melaats. Deur die geloof van ’n Israelitiese diensmaagd het hy na Israel gegaan om vir die profeet Elísa te raadpleeg. Hy is genees van melaatsheid deur homself te verootmoedig en sewe maal in die Jordaanrivier te was soos die profeet Elísa beveel het (2 Kon. 5:1–19; Lk. 4:27).

**Naasteliefde.** *Sien ook* Diens; Liefde; Medelye; Welsyn

Die suiwere liefde van Christus (Moro. 7:47); die liefde wat Christus het vir die kinders van mense en wat die kinders van mense vir mekaar moet hê (2 Ne. 26:30; 33:7–9; Ether 12:33–34); die hoogste, eerbaarste, sterkste soort liefde, nie bloot toegeneentheid nie.

Kennis maak opgeblase, maar die naasteliefde stig, **1 Kor.** 8:1. Naasteliefde, ’n suiwere liefde, oortref en oorskry byna alles, **1 Kor.** 13. Die einde van die gebod is liefde uit ’n rein hart, **1 Tim.** 1:5. Voeg by broederliefde naasteliefde, **2 Petr.** 1:7.

Die Here het beveel dat alle mense naasteliefde moet hê, **2 Ne.** 26:30 (Moro. 7:44–47). Sorg dat julle geloof, hoop, en naasteliefde het, **Alma** 7:24. Die liefde wat die Here het vir mense is naasteliefde, **Ether** 12:33–34. Sonder naasteliefde kan mense nie daardie plek beërwe wat voorberei is in die Vader se wonings nie, **Ether** 12:34 (Moro. 10:20–21). Moroni het Mormon se woorde geskryf oor geloof, hoop en naasteliefde, **Moro.** 7.

Naasteliefde maak mense geskik vir die Here se werk, **L&V** 4:5–6 (L&V 12:8). Beklee julle met die band van liefde, **L&V** 88:125. Laat jou innerlike vol naasteliefde wees, **L&V** 121:45.

**Náftali.** *Sien ook* Israel; Jakob, Seun van Isak

Die sesde van die twaalf seuns van Jakob en die tweede kind van Bilha, Ragel se slavin (Gén. 30:7–8). Náftali het vier seuns gehad (1 Kron. 7:13).

*Die stam van Náftali:* Jakob se seën oor Náftali is opgeteken in Génesis 49:21. Moses se seën oor die stam is opgeteken in Deuteronómium 33:23.

**Nageslag van Abraham.** *Sien* Abraham—Die nageslag van Abraham

**Nagmaal.** *Sien ook* Brood van die Lewe; Doop; Jesus Christus; Kruis; Laaste Avondmaal; Lewende Water; Opoffer; Versoen, Versoening

Vir Heiliges van die Laaste Dae verwys *nagmaal* na die ordinansie van die gebruik van die brood en water ter herinnering aan Christus se soenoffer. Die gebreekte brood verteenwoordig sy gebroke vlees; die water verteenwoordig die bloed wat Hy gestort het om vir ons sondes te versoen (1 Kor. 11:23–25; L&V

27:2). Wanneer waardige Kerklede die nagmaal gebruik, belowe hulle om die naam van Christus op hulle te neem, om Hom altyd te onthou en om sy gebooie te onderhou. Deur hierdie ordinansie hernu Kerklede doopverbonde.

Tydens die Laaste Avondmaal het Jesus die ordinansie van die nagmaal verduidelik terwyl Hy saam met die Twaalf Apostels geëet het (Matt. 26:17–28; Lk. 22:1–20).

Jesus het die brood geneem, en gedank; en Hy het die beker geneem, en gedank, **Matt.** 26:26–28 (Mark. 14:22–24; Lk. 22:19–20). Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, **Joh.** 6:54. Wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink ʼn oordeel oor homself, **1 Kor.** 11:29 (3 Ne. 18:29).

Jesus het sy twaalf Nefitiese dissipels geleer omtrent die nagmaal, **3 Ne.** 18:1–11. Jesus het hierdie dissipels geleer om onwaardige mense te verbied om van die nagmaal te gebruik, **3 Ne.** 18:28–29 (Morm. 9:29). Die nagmaalsgebede word gegee, **Moro.** 4–5 (L&V 20:75–79).

Die nagmaal moet bedien word deur ʼn priester of ʼn ouderling, **L&V** 20:46, 76. Leraars en diakens het nie gesag om die nagmaal te seën nie, **L&V** 20:58. Vloeistof wat nie wyn is nie mag gebruik word vir die nagmaal, **L&V** 27:1–4.

**Nahum**

ʼn Ou Testamentiese profeet van Galiléa wat sy profesieë opgeteken het ongeveer tussen 642 en 606 v.C.

*Die boek van Nahum:* Hoofstuk 1 spreek van die verbranding van die aarde by die Tweede Koms en van die Here se barmhartigheid en krag. Hoofstuk 2 vertel van Ninevé se vernietiging wat ʼn voorafskaduwing is van wat in die laaste dae sal kom. Hoofstuk 3 gaan voort om Ninevé se ellendige vernietiging te voorspel.

**Naómi.** *Sien ook* Rut

In die Ou Testament, ʼn regverdige vrou en die eggenote van Eliméleg (Rut 1–4). Eliméleg en Naómi het hulle gesin na Moab geneem om ʼn hongersnood te ontkom. Nadat Eliméleg en haar twee seuns gesterf het, het Naómi na Betlehem teruggekeer met haar skoondogter Rut.

**Násaret.** *Sien ook* Jesus Christus

ʼn Dorpie tussen die heuwels wes van die See van Galiléa. Násaret was die vroeë tuiste van Jesus (Matt. 2:23). Jesus het in die sinagoge by Násaret onderrig gegee en het verklaar dat Hy die openbaring in Jesaja 61:1–2 vervul het (Matt. 13:54–58; Mark. 6:1–6; Lk. 4:16–30).

**Natan.** *Sien ook* Dawid

ʼn Ou Testamentiese profeet in Koning Dawid se tyd. Toe Dawid aangebied het om ʼn tempel vir die Here te bou, het die Here vir Natan beveel om vir Dawid te sê dat hy dit nie moes bou nie. Natan het ook vir Dawid tereggewys omdat hy Uría, een van sy krygsmanne, se dood veroorsaak het en omdat hy Uría se vrou Bátseba geneem het (2 Sam. 12:1–15; L&V 132:38–39). Sadok, saam met Natan, het Dawid se seun Salomo, as koning gesalf (1 Kon. 1:38–39, 45).

**Natánael.** *Sien ook* Bartholoméüs

ʼn Apostel van Christus en ʼn vriend van Filippus in die Nuwe Testament (Joh. 1:45–51). Hy het van Kana in Galiléa gekom (Joh. 21:2). Christus het gesê: Hier is waarlik ʼn Israeliet in wie daar geen bedrog is nie (Joh. 1:48). Oor die algemeen word aanvaar dat hy en Bartholoméüs dieselfde persoon is (Matt. 10:3; Mark. 3:18; Lk. 6:14; Joh. 1:43–45).

**Natuurlike Mens.** *Sien ook* Val van Adam en Eva; Vleeslik; Wedergebore, Gebore uit God

ʼn Persoon wat verkies om beïnvloed

te word deur die hartstogte, begeertes, luste en sinlikhede van die vlees eerder as deur die influisteringe van die Heilige Gees. So ʼn persoon kan fisiese dinge maar nie geestelike dinge begryp nie. Alle mense is vleeslik, of sterflik vanweë die Val van Adam en Eva. Elke persoon moet wedergebore word deur die Versoening van Jesus Christus om op te hou om ʼn natuurlike mens te wees.

Die natuurlike mens neem die dinge van die Gees nie aan nie, **1 Kor.** 2:14.

Die natuurlike mens is ʼn vyand van God en moet dit aflê, **Mosia** 3:19. Hy wat volhou in sy eie vleeslike natuur, bly in sy vervalle toestand, **Mosia** 16:5 (Alma 42:7–24; L&V 20:20). Watter natuurlike mens is daar wat hierdie dinge weet, **Alma** 26:19–22. Natuurlike of vleeslike mense is sonder God in die wêreld, **Alma** 41:11.

Vanweë sy oortreding, het die mens geestelik dood geword, **L&V** 29:41. Ook kan geen natuurlike mens die teenwoordigheid van God verduur nie, **L&V** 67:12.

En die mens het begin om vleeslik, sinlik en duiwels te word, **Moses** 5:13 (Moses 6:49).

**Nauvoo, Illinois (VSA)**

ʼn Stad gestig deur die Heiliges van die Laaste Dae in 1839 in die staat van Illinois. Dit is geleë 320 kilometer stroomop van St. Louis.

Vanweë vervolgings in die staat van Missouri, het die Heiliges omtrent 300 kilometer na die noord-ooste getrek, oor die Mississippirivier, na Illinois, waar hulle meer gunstige toestande gevind het. Uiteindelik het die Heiliges land gekoop naby die onontwikkelde stad Commerce. Hierdie land was eintlik ʼn moerasagtige woesteny met net ʼn paar eenvoudige geboue. Die Heiliges het die land gedreineer en huise opgerig. Joseph Smith het met sy gesin in ʼn klein houthuis ingetrek. Die stad se naam is van Commerce verander na Nauvoo, na die Hebreeuse woord vir "pragtig".

Verskeie afdelings van die Leer en Verbonde is opgeteken in Nauvoo (L&V 124–129; 132; 135). Die Heiliges is aangesê om ʼn tempel in Nauvoo te bou (L&V 124:26–27). Hulle het ʼn tempel gebou en het penne van Sion georganiseer voordat hulle uit hulle huise uitgedryf is in 1846. As gevolg van hierdie vervolging het die Heiliges die gebied verlaat en het hulle weswaarts getrek.

**Nebukadnésar.** *Sien ook* Babel, Babilon; Daniël

In die Ou Testament, die koning van Babilon (604–561 v.C.) wat Juda onderwerp het (2 Kon. 24:1–4) en Jerusalem beleër het (2 Kon. 24:10–11). Die profeet Lehi is beveel om te vlug uit Jerusalem in ongeveer 600 v.C. om te verhoed dat hy gevange geneem word na Babilon (1 Ne. 1:4–13) toe Koning Sedekía en die volk deur Nebukadnésar weggevoer is (2 Kon. 25:1, 8–16, 20–22). Daniël het Nebukadnésar se drome uitgelê (Dan. 2; 4).

**Nederig, Nederigheid.** *Sien ook* Armes; Gebroke Hart; Hoogmoed; Sagmoedig, Sagmoedigheid; Swakheid

Om nederig en onderwysbaar te maak, of die toestand om nederig en onderwysbaar te wees. Nederigheid sluit in om ons afhanklikheid van God te erken en te begeer om aan sy wil te onderwerp.

God het jou vir veertig jaar in die wildernis gelei tot jou verootmoediging, **Deut.** 8:2. Ek het my siel gekwel met vas, **Ps.** 35:13. Beter is ʼn behoeftige maar wyse jongman as ʼn ou maar dwase koning, **Pred.** 4:13. Die Here woon met hulle wat nederig is, **Jes.** 57:15.

Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele, **Matt.**

18:4. Wie homself verneder, sal verhoog word, **Matt.** 23:12 (Lk. 14:11; 18:14). Jesus het homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, **Filip.** 2:8 (Lk. 22:42; 23:46). God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade, **1 Petr.** 5:5–6 (2 Ne. 9:42).

Verootmoedig julle en wel tot in die dieptes van nederigheid, **Mosia** 4:11 (2 Ne. 9:42; 3 Ne. 12:2). Was julle voldoende nederig, **Alma** 5:27–28. Die nederigste gedeelte van die volk het sterker geword in nederigheid, **Hel.** 3:33–35. Ek gee aan die mense swakhede sodat hulle ootmoedig mag wees, **Ether** 12:27.

Ootmoed is ′n vereiste vir die doop, **L&V** 20:37. Verneder julle voor My en julle sal My sien en weet dat Ek is, **L&V** 67:10. Wees jy nederig, en die Here jou God sal jou ′n antwoord gee op jou gebede, **L&V** 112:10. Laat hom wat onkundig is, wysheid leer deur hom te verootmoedig, **L&V** 136:32. Die Gees word in die wêreld uitgestuur om die nederiges te verlig, **L&V** 136:33.

**Nefi, Seun van Helaman.** *Sien ook* Helaman, Seun van Helaman; Lehi, Nefitiese Sendeling

In die Boek van Mormon, ′n groot Nefitiese profeet en sendeling.

Was die oudste seun van Helaman, **Hel.** 3:21. Is as hoofregter aangestel, **Hel.** 3:37. Hy en sy broer Lehi het baie Lamaniete tot die evangelie bekeer, **Hel.** 5:18–19. Is omring deur vuur en uit die gevangenis bevry, **Hel.** 5:20–52. Het op sy tuintoring gebid, **Hel.** 7:6–10. Het die moord van die hoofregter bekend gemaak, **Hel.** 8:25–28; 9:1–38. Is groot mag gegee deur die Here, **Hel.** 10:3–11. Het die Here vir ′n hongersnood gevra en vir die beëindiging van die hongersnood, **Hel.** 11:3–18.

**Nefi, Seun van Lehi.** *Sien ook* Lehi, Vader van Nefi; Nefiete

In die Boek van Mormon, ′n regverdige seun van Lehi en Saria (1 Ne. 1:1–4; 2:5). Nefi het sterk geloof gehad in die woord van God (1 Ne. 3:7) en het ′n groot profeet, kroniekskrywer en leier van sy volk geword.

Was gehoorsaam en het in geloof gebid, **1 Ne.** 2:16. Het na Jerusalem teruggekeer om die bronsplate te kry, **1 Ne.** 3–4. Het na Jerusalem teruggekeer om Ismael se gesin na die wildernis te bring, **1 Ne.** 7. Het dieselfde visioen ontvang wat Lehi ontvang het, **1 Ne.** 10:17–22; 11. Het in ′n visioen die toekoms van sy volk en die herstelling van die evangelie gesien, **1 Ne.** 12–13. Het die visioen van die boom van die lewe uitgelê, **1 Ne.** 15:21–36. Het sy boog gebreek maar was deur geloof in staat om kos te verkry, **1 Ne.** 16:18–32. Het ′n skip gebou en na die beloofde land gevaar, **1 Ne.** 17–18. Die Nefiete en die Lamaniete het geskei, **2 Ne.** 5. Het ′n finale getuienis gelewer, **2 Ne.** 33.

*Die boek van 1 Nefi:* Hoofstukke 1 tot 18:8 handel hoofsaaklik oor die profeet Lehi en sy gesin wat Jerusalem verlaat. Hulle het deur dorre woestyne gereis totdat hulle die see bereik het. 1 Nefi 18:9–23 vertel van hulle reis na ′n beloofde land, soos deur die Here gerig, ten spyte van Laman en Lemuel se rebelsheid. In hoofstukke 19–22 vertel Nefi met welke doel hy die kronieke bygehou het (1 Ne. 6; 19:18)—om almal te oortuig om die Here hulle Verlosser te onthou. Hy het Jesaja aangehaal (1 Ne. 20–21) en het Jesaja se boodskappe uitgelê met die hoop dat almal Jesus Christus mag leer ken as hulle Saligmaker en Verlosser (1 Ne. 22:12).

*Die boek van 2 Nefi:* Hoofstuk 1–4 bevat sommige van Lehi se finale leringe en profesieë voor sy dood, insluitende seëninge oor sy seuns en hulle afstammelinge. Hoofstuk 5 verduidelik waarom die Nefiete afgeskei het van die Lamaniete. Die Nefiete het ′n tempel gebou, het die wet van Moses geleer en het kronieke bygehou. Hoofstuk

6–10 bevat die woorde van Jakob, Nefi se jonger broer. Jakob het ′n oorsig gegee van die geskiedenis van Juda en het van die Messias geprofeteer. Sommige van sy woorde is ontleen aan die geskrifte van die profeet Jesaja. In hoofstuk 11–33 het Nefi sy getuienis van Christus opgeteken, asook Jakob se getuienis, profesieë van die laaste dae en verskeie hoofstukke van die Ou Testamentiese boek Jesaja.

*Plate van Nefi: Sien* Plate

**Nefi, Seun van Nefi, Seun van Helaman.** *Sien ook* Dissipel; Nefi, Seun van Helaman

Een van die twaalf Nefitiese dissipels wat deur die herrese Jesus Christus in die Boek van Mormon gekies is (3 Ne. 1:2–3; 19:4). Hierdie profeet het kragtig gebid tot die Here in belang van sy volk. Nefi het die stem van die Here gehoor (3 Ne. 1:11–14). Nefi is ook deur engele besoek, het duiwels uitgedryf, het sy broer uit die dood opgewek en het ′n getuienis gegee wat nie betwyfel kon word nie (3 Ne. 7:15–19; 19:4). Nefi het die skriftuurlike kroniek bygehou (3 Ne. 1:2–3).

*Die boek van 3 Nefi:* ′n Boek wat geskryf is deur Nefi, seun van Nefi, in die Boek van Mormon. Hoofstukke 1–10 toon die vervulling van die profesieë aangaande die koms van die Here. Die teken van Christus se geboorte is gegee; die volk het bekeer, maar toe het hulle teruggekeer na goddeloosheid. Uiteindelik het storms, aardbewings, hewige storms en groot vernietiging die dood van Christus aangekondig. Hoofstukke 11–28 teken Christus se koms na die Amerikas aan. Dit is die middelpunt van die boek van 3 Nefi. Baie van Christus se woorde is soortgelyk aan sy preke wat aangeteken is in die Bybel (byvoorbeeld Matt. 5–7 en 3 Ne. 12–14). Hoofstukke 29–30 is Mormon se woorde aan die nasies van die laaste dae.

*Die boek van 4 Nefi:* Hierdie boek het net nege en veertig verse, almal in een hoofstuk, tog dek dit byna driehonderd jaar van Nefitiese geskiedenis (34–321 n.C.). Verskillende geslagte van skrywers, insluitende Nefi, het bygedra tot die kroniek. Verse 1–19 vertel dat ná die herrese Christus se besoek al die Nefiete en Lamaniete bekeer is tot die evangelie. Vrede, liefde en harmonie het geheers. Die drie Nefitiese dissipels wat Christus toegelaat het om te vertoef op die aarde tot sy Tweede Koms (3 Ne. 28:4–9) het die mense gedien. Nefi het die kroniek nagelaat aan sy seun, Amos. Verse 19–47 is die kroniek van Amos se bediening (84 jaar) en dié van sy seun, Amos (112 jaar). In 201 n.C. het hoogmoed probleme begin veroorsaak onder die volk wat hulleself in klasse verdeel het en valse kerke begin het vir gewin (4 Ne. 1:24–34).

Die laaste verse van 4 Nefi toon dat die volk weer teruggekeer het na goddeloosheid (4 Ne. 1:35–49). In 305 n.C. het Amos, die seun van Amos, gesterf en sy broer Ammaron het al die heilige kronieke weggebêre vir veilige bewaring. Later het Ammaron die kronieke aan Mormon toevertrou wat baie gebeurtenisse opgeteken het aangaande sy eie leeftyd en hulle toe verkort het (Morm. 1:2–4).

**Nefiete.** *Sien ook* Boek van Mormon; Lamaniete; Nefi, Seun van Lehi

′n Groep mense in die Boek van Mormon waarvan baie afstammelinge was van die profeet Nefi, seun van Lehi. Hulle het afgeskei van die Lamaniete en was oor die algemeen regverdiger as die Lamaniete. Nogtans is hulle uiteindelik vernietig deur die Lamaniete as gevolg van goddeloosheid.

Die Nefiete het afgeskei van die Lamaniete, **2 Ne.** 5:5–17. Al diegene wat nie Lamaniete was nie, was Nefiete, **Jakob** 1:13. Die Nefiete was deur ′n beter saak begeester, **Alma** 43:6–9, 45. Die

Nefiete was nog nooit gelukkiger as in die tyd van Moroni nie, **Alma** 50:23. Die Nefiete was gered vanweë die gebede van die regverdiges, **Alma** 62:40. Die Nefiete het in ongeloof begin kwyn, **Hel.** 6:34–35. Jesus het geleer en gedien onder die Nefiete, **3 Ne.** 11:1–28:12. Almal is bekeer tot die Here en het alle dinge in gemeen gehad, **4 Ne.** 1:2–3. Daar was geen twis nie, die liefde van God het in hulle harte gewoon, en hulle was die gelukkigste volk, **4 Ne.** 1:15–16. Die Nefiete het begin om hoogmoedig en ydel te word, **4 Ne.** 1:43. Bloed en slagting het oor die hele aangesig van die land versprei, **Morm.** 2:8. Die Nefiete het toegeneem in goddeloosheid en Mormon het geweier om hulle te lei, **Morm.** 3:9–11. Al die Nefiete, behalwe vir vier en twintig, is gedood, **Morm.** 6:7–15. Elke Nefiet wat nie vir Christus wou loën nie, is gedood, **Moro.** 1:2.

Die Nefiete is vernietig as gevolg van hulle goddeloosheid en sondes, **L&V** 3:18. Oppas vir hoogmoed uit vrees dat julle soos die Nefiete sal word, **L&V** 38:39.

**Nefitiese Dissipels.** *Sien* Drie Nefitiese Dissipels

## Nehemía

'n Adellike Israeliet in Babilon in die Ou Testament (óf 'n Leviet óf van die stam van Juda) wat die amp van skinker gehad het aan die hof van Artasásta van wie hy 'n koninklike opdrag verkry het wat hom gemagtig het om die mure van Jerusalem te herbou.

*Die boek van Nehemía:* Hierdie boek is 'n voortsetting van die boek van Esra. Dit bevat 'n verslag van die vordering en probleme van die werk in Jerusalem ná die terugkeer van die Jode uit Babiloniese slawerny. Hoofstukke 1–7 vertel van Nehemía se eerste besoek aan Jerusalem en die herbouing van die stadsmure ten spyte van groot teenkanting. Hoofstukke 8–10 beskryf die godsdienstige en sosiale hervormings wat Nehemía probeer invoer het. Hoofstukke 11–13 gee 'n lys van name van diegene wat waardig is, en gee 'n verslag van die inwyding van die muur. Verse 4–31 van hoofstuk 13 vertel van 'n tweede besoek van Nehemía aan Jerusalem nadat hy vir twaalf jaar weg was.

**Nehor.** *Sien ook* Antichris; Priesterlis

'n Bose man in die Boek van Mormon. Nehor was een van die eerstes om priesterlis onder die Nefiete te beoefen. Nadat hy valse leerstellings onderrig en vir Gídeon gedood het, is Nehor tereggestel vir sy misdade (Alma 1). Nehor se volgelinge het sy bose praktyke en leringe voortgesit lank nadat Nehor gesterf het.

Alma en Amulek is in die gevangenis gewerp deur 'n regter volgens die orde van Nehor, **Alma** 14:14–18. Hulle was van die geloof van Nehor wat gedood is, **Alma** 16:11. Baie was volgens die orde van die Nehors, **Alma** 21:4. Die grootste aantal van diegene wat hulle broers gedood het was van die orde van die Nehors, **Alma** 24:28.

## Nie-Jode

Soos dit gebruik word in die skrifture het die term *nie-Jode* verskillende betekenisse. Somtyds dui dit mense aan wat van 'n nie-Israelitiese afkoms is en somtyds nasies wat sonder die evangelie is, al mag daar 'n bietjie Israelitiese bloed onder die mense wees. Hierdie laaste gebruik is veral kenmerkend van die woord soos dit gebruik word in die Boek van Mormon en Leer en Verbonde.

Israeliete mag nie met nie-Israeliete (nie-Jode) getrou het nie, **Deut.** 7:1–3. Die Here sou kom om 'n lig te wees vir die nie-Jode, **Jes.** 42:6.

Petrus is beveel om die evangelie na die nie-Jode te neem, **Hand.** 10:9–48. God het ook bekering aan die nie-Jode geskenk, **Hand.** 11:18. Ons word gedoop in een kerk, of ons Jode of nie-Jode is,

**1 Kor.** 12:13. Die nie-Jode behoort mede-erfgename te wees in Christus deur die evangelie, **Efés.** 3:6.

Die Boek van Mormon is geskryf vir die nie-Jode, **titelbladsy van die Boek van Mormon** (Morm. 3:17). ʼn Man onder die nie-Jode het uitgegaan op die baie waters, **1 Ne.** 13:12. Ander boeke het uitgegaan vanaf die nie-Jode, **1 Ne.** 13:39. Die volheid van die evangelie sal na die nie-Jode kom, **1 Ne.** 15:13 (3 Ne. 16:7; L&V 20:9). Hierdie land sal ʼn land van vryheid wees vir die nie-Jode, **2 Ne.** 10:11. Die nie-Jode is soos ʼn wilde olyfboom, **Jakob** 5.

Die evangelie sal te voorskyn kom in die tye van die nie-Jode, **L&V** 45:28 (L&V 19:27). Die woord sal uitgaan na die uiteindes van die aarde, eers na die nie-Jode, en dan na die Jode, **L&V** 90:8–10. Die Sewentig sal spesiale getuies wees vir die nie-Jode, **L&V** 107:25. Stuur die ouderlinge van my kerk uit om alle nasies te besoek, eers die nie-Jode, en dan die Jode, **L&V** 133:8.

**Nikodémus.** *Sien ook* Fariseërs

In die Nuwe Testament, ʼn regverdige heerser van die Jode (waarskynlik van die Sanhedrin) en ʼn Fariseër (Joh. 3:1).

Hy het in die nag met Jesus gespreek, **Joh.** 3:1–21. Hy het Christus by die Fariseërs verdedig, **Joh.** 7:50–53. Hy het speserye na Jesus se begrafnis gebring, **Joh.** 19:39–40.

**Ninevé.** *Sien ook* Assur; Jona

In die Ou Testament, die hoofstad van Assur en vir meer as tweehonderd jaar ʼn groot handelsentrum aan die oostelike oewer van die Tigrisrivier. Dit het geval met die ondergang van die Assiriese ryk, 606 v.C.

Sánherib, die koning van Assur, het in Ninevé gewoon, **2 Kon.** 19:36. Jona is gestuur om die stad tot bekering te roep, **Jona** 1:1–2 (Jona 3:1–4). Die volk van Ninevé het bekeer, **Jona** 3:5–10.

Christus het Ninevé as ʼn voorbeeld gebruik van bekering vir die Jode, **Matt.** 12:41.

**Noag, Bybelse Patriarg.** *Sien ook* Ark; Gabriël; Reënboog; Vloed tydens Noag se Tyd

In die Ou Testament, die seun van Lameg en die tiende patriarg vanaf Adam (Gén. 5:29–32). Hy het van Christus getuig en het bekering verkondig aan ʼn goddelose geslag. Toe die volk sy boodskap verwerp het, het God hom beveel om ʼn ark te bou om sy gesin en al die diere te huisves toe die aarde oorstroom is om die bose te vernietig (Gén. 6:13–22; Moses 8:16–30). Die Profeet Joseph Smith het geleer dat Noag die engel Gabriël is en na Adam die sleutels van heil gehou het.

Hy en sy seuns, Jafet, Sem en Gam, en hulle vroue is gered toe hulle ʼn ark gebou het op God se bevel, **Gén.** 6–8 (Hebr. 11:7; 1 Petr. 3:20). Die Here het die verbond hernu wat Hy met Henog en met Noag gesluit het, **Gén.** 9:1–17 (JSV, Gén. 9:15, 21–25; Moses 7:49–52).

Noag is tot die priesterskap geordineer deur Metúsalag toe hy tien jaar oud was, **L&V** 107:52.

Mense het probeer om sy lewe te neem, maar die krag van God het hom gered, **Moses** 8:18. Hy het ʼn prediker van regverdigheid geword en het die evangelie van Jesus Christus geleer, **Moses** 8:19, 23–24 (2 Petr. 2:5).

**Noag, Seun van Zenif**

ʼn Goddelose koning in die Boek van Mormon. Hy het oor ʼn groep Nefiete geheers in die land Nefi.

Noag het baie sondes gepleeg, **Mosia** 11:1–15. Hy het beveel dat die profeet Abinadi gedood word, **Mosia** 13:1 (Mosia 17:1, 5–20). Noag het ʼn vuurdood gesterf, **Mosia** 19:20.

**Númeri.** *Sien ook* Pentateug

Die vierde boek in die Ou Testament. Moses het die boek Númeri geskryf. Die

boek Númeri vertel die verhaal van Israel se reis vanaf Berg Sinai tot die vlaktes van Moab aan die grens van Kanaän. Een van die belangrikste lesse wat dit leer, is dat God se volk in geloof moet wandel en op sy beloftes vertrou as hulle suksesvol wil voortgaan. Dit vertel van God se straf van Israel vir ongehoorsaamheid en verskaf inligting oor Israelitiese wette. Die naam van die boek is afkomstig van die talle sensusgetalle (Núm. 1–2; 26).

Hoofstukke 1–10 handel oor die Israeliese voorbereiding vir hulle vertrek van Sinai. Hoofstukke 11–14 beskryf die uittog self, die uitstuur van spioene in Kanaän en Israel se weiering om die beloofde land binne te gaan. Hoofstukke 15–19 lys verskillende wette en geskiedkundige gebeure. Hoofstukke 20–36 is die geskiedenis van die volk se laaste jaar in die wildernis.

**Nuwe en Ewigdurende Verbond.** *Sien ook* Verbond

Die volheid van die evangelie van Jesus Christus (L&V 66:2). Dit is nuut elke keer as dit opnuut geopenbaar word ná ’n tydperk van afvalligheid. Dit is ewigdurend in die sin dat dit God se verbond is en dat dit ontvang is in elke evangeliese tydvak waar mense gewillig was om dit te ontvang. Die nuwe en ewigdurende verbond is weer geopenbaar aan die mense op aarde deur Jesus Christus deur die Profeet Joseph Smith. Dit bevat heilige ordinansies wat bedien word deur priesterskapgesag—soos die doop en tempelhuwelik—wat nodig is vir die mens se heil, onsterflikheid en die ewige lewe. Wanneer mense die evangelie aanvaar en belowe om God se gebooie te onderhou, sluit God ’n verbond om hulle die seëninge te gee van sy nuwe en ewige verbond.

En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou, **Gén.** 17:7. En dit sal vir hom en sy nageslag ná hom die verbond van ewige priesterskap wees, **Núm.** 25:13. Hulle het die insetting geskend, die ewige verbond verbreek, **Jes.** 24:5 (L&V 1:15). Ek wil met julle ’n ewige verbond sluit, **Jes.** 55:3 (Jer. 32:40). En Ek sal ’n verbond van vrede met hulle sluit, **Eség.** 37:26.

As Hy sê ’n nuwe verbond, het Hy die eerste oud gemaak, **Hebr.** 8:13. Jesus is die Middelaar van die nuwe testament, **Hebr.** 12:24 (L&V 76:69).

Dit is ’n nuwe en ewigdurende verbond, **L&V** 22:1. Ek het my ewigdurende verbond die wêreld ingestuur, **L&V** 45:9 (L&V 49:9). Die Here het die volheid van sy evangelie gestuur, sy ewigdurende verbond, **L&V** 66:2 (L&V 133:57). Ten einde die hoogste graad in die selestiale koninkryk te verkry, moet ’n mens die nuwe en ewigdurende verbond van die huwelik sluit, **L&V** 131:1–2. Die nuwe en ewigdurende verbond is ingestel vir die volheid van die Here se heerlikheid, **L&V** 132:6, 19.

**Nuwe Jerusalem.** *Sien ook* Sion

Die plek waar die Heiliges bymekaar sal kom en waar Christus persoonlik saam met hulle sal heers gedurende die Millennium. Sion (die Nuwe Jerusalem) sal op die Amerikaanse vasteland gebou word en die aarde sal vernuwe word en sy paradysheerlikheid ontvang (Gel. Art. 1:10). Dit verwys ook na ’n heilige stad wat uit die hemel sal neerdaal aan die begin van die Millennium.

Uit Sion sal die wet uitgaan, **Miga** 4:2.

Die naam van die stad van my God, van die Nuwe Jerusalem, **Openb.** 3:12. Johannes het die heilige stad, die Nuwe Jerusalem, gesien, **Openb.** 21:1–5.

Hierdie volk sal Ek in hierdie land vestig, en dit sal ’n Nuwe Jerusalem wees, **3 Ne.** 20:22. ’n Nuwe Jerusalem sal in Amerika gebou word, **Ether** 13:3–6, 10.

Die stad van die Nuwe Jerusalem sal voorberei word, **L&V** 42:9, 35, 62–69. Heiliges moet versamel en die Nuwe

Jerusalem bou, **L&V** 45:63–75. Die Nuwe Jerusalem moet in Missouri gebou word, **L&V** 84:1–5 (L&V 57:1–3). Die Lam sal op Berg Sion staan en op die heilige stad, die Nuwe Jerusalem, **L&V** 133:56.

My tabernakel sal Sion genoem word, ′n Nuwe Jerusalem, **Moses** 7:62.

**Nuwe Testament.** *Sien ook* Bybel; Skrifture

′n Versameling van geïnspireerde geskrifte (oorspronklik in Grieks) oor die lewe en bediening van Jesus Christus, die Apostels en ander volgelinge van Jesus Christus. Die Nuwe Testament word normaalweg in die Evangelies, Handelinge van die Apostels, Sendbriewe van Paulus, die algemene sendbriewe en die boek Openbaring verdeel.

Die vier Evangelies—die boek Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes—is verslae van die lewe van Christus. Die boek Handelinge vermeld die geskiedenis van die Kerk en die Apostels, veral Paulus se sendingreise ná Christus se dood. Paulus se briewe gee opdragte aan kerkleiers en lede. Die ander briewe is geskryf deur ander Apostels en gee bykomende raad aan die vroeë Heiliges. Die boek Openbaring, wat deur die Apostel Johannes geskryf is, bevat meestal profesieë aangaande die laaste dae.

**Obadja**

′n Ou Testamentiese profeet wat die ondergang van Edom voorspel het. Hy het moontlik gedurende die heerskappy van Joram geprofeteer (848–844 v.C.) of gedurende die Babiloniese inval in 586 v.C.

*Die boek Obadja:* ′n Boek in die Ou Testament. Dit het slegs een hoofstuk. Daarin het Obadja geskryf oor die ondergang van Edom en geprofeteer dat saligmakers op berg Sion sal staan.

**Obed.** *Sien ook* Boas; Rut

In die Ou Testament, die seun van Boas en Rut en die vader van Isai, wat die vader van Koning Dawid geword het (Rut 4:13–17, 21–22).

**Oes**

Die skrifture gebruik somtyds die woord *oes* figuurlik om te verwys na die inbring van mense in die Kerk, wat die koninkryk van God op die aarde is, of na ′n tyd van oordeel, soos die Tweede Koms van Jesus Christus.

Die oes is verby, die somer is ten einde, en ons is nie verlos nie, **Jer.** 8:20 (L&V 56:16).

Die oes is wel groot, maar die arbeiders min, **Matt.** 9:37. Die oes is die voleinding van die wêreld, **Matt.** 13:39. Net wat die mens saai, dit sal hy ook maai, **Gal.** 6:7–9 (L&V 6:33).

Die land is al wit vir die oes, **L&V** 4:4. Die oestyd het geëindig en julle siele is nie gered nie, **L&V** 45:2. Die oestyd het aangebreek, en my woord moet vervul word, **L&V** 101:64.

**Offerande.** *Sien ook* Aalmoes, Aalmoese Gee; Opoffer; Tiende, Tiendes; Vas; Welsyn

′n Gawe aan die Here. Die Ou Testament het dikwels die woord gebruik om na offerandes of brandoffers te verwys. Vandag gebruik die kerk vasoffers en ander vrywillige offers (insluitende tyd, talente en besittings) om die armes te help en vir ander verdienstelike sake.

Julle beroof My in tiendes en in offergawes, **Mal.** 3:8–10.

Gaan versoen jou eers met jou broer, en kom dan en bring jou gawe, **Matt.** 5:23–24.

Offer jul ganse siele as ′n offerande aan Christus, **Omni** 1:26. As ′n man ′n gawe sonder opregte bedoeling offer, baat dit hom niks nie, **Moro.** 7:6.

Die Äároniese Priesterskap sal nooit weer van die aarde af weggeneem word

nie, totdat die seuns van Levi weer ′n offerande in regverdigheid aan die Here bring, **L&V** 13. Op hierdie, die Here se dag, sal jy jou offergawes en jou heilige handelinge offer tot die Allerhoogste, **L&V** 59:12. Laat ons as ′n kerk en as ′n volk aan die Here ′n offerande in regverdigheid offer, **L&V** 128:24.

**Olie.** *Sien ook* Olyfboom; Salf; Salwing van die Siekes

Wanneer in die skrifture na olie verwys word, word olyfolie gewoonlik bedoel. Vanaf Ou Testamentiese tye is olyfolie gewoonlik gebruik vir tempel- en tabernakelseremonies, vir salwings, vir gebruik in lampe en in voedsel. Olyfolie is somtyds ′n simbool van reinheid en van die Heilige Gees en sy invloed (1 Sam. 10:1, 6; 16:13; Jes. 61:1–3).

Die priester moet van die olie wat in sy hand is, stryk aan die regter oorlel, **Lev.** 14:28–29. Die Here het my gestuur om jou as koning te salf oor sy volk, **1 Sam.** 15:1. Die weduwee se oliekruik het nie leeg geword nie, **1 Kon.** 17:10–16. Die Here salf my hoof met olie, **Ps.** 23:5.

Hulle het baie siekes met olie gesalf, **Mark.** 6:13. Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid, nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het, **Jak.** 5:13–15.

Julle moet julle lampe gereed hou en laat brand en hou olie by julle, **L&V** 33:17 (Matt. 25:1–13).

**Olyfberg.** *Sien ook* Getsémané

′n Berg oos van die Kidronvallei, oos van Jerusalem. Teen sy westelike hang, naby die onderkant, is die tuin van Getsémané. Bétfagé en Betanië is geleë bo-op en aan die oostelike hang. Hierdie berg was die toneel van baie Bybelse gebeurtenisse (Matt. 24:3) en sal ook ′n belangrike plek wees in die gebeurtenisse van die laaste dae (Sag. 14:3–5; L&V 45:48–54; 133:20).

**Olyfboom.** *Sien ook* Israel; Olie

′n Boom wat algemeen in Israel voorkom en ′n belangrike landboukundige hulpbron in Bybelse lande. Dit word vir sy hout, vrugte, en olie gekweek. Die olyfboom word mees dikwels in die skrifture gebruik om die huis van Israel te simboliseer.

Die huis van Israel word vergelyk met ′n olyfboom waarvan die takke afgebreek en verstrooi is, **1 Ne.** 10:12 (1 Ne. 15:12). Die Here het die huis van Israel vergelyk met ′n mak olyfboom, **Jakob** 5–6.

Joseph Smith het die openbaring in afdeling 88 die olyfblaar genoem, **L&V** 88 opskrif. ′n Edelman het sy diensknegte aangesê om in sy wingerd in te gaan en om twaalf olyfbome te plant, **L&V** 101:43–62.

**Omega.** *Sien* Alfa en Omega; Jesus Christus

**Omner.** *Sien ook* Mosia, Seun van Benjamin; Mosia, Seuns van

In die Boek van Mormon, ′n seun van Koning Mosia. Omner het saam met sy broers gegaan om vir die Lamaniete te preek (Mosia 27:8–11, 34–37; 28:1–9).

**Omni**

′n Nefitiese kroniekskrywer in die Boek van Mormon wat in ongeveer 361 v.C. geskryf het (Jarom 1:15; Omni 1:1–3).

*Die boek van Omni:* ′n Boek wat van die klein plate van Nefi vertaal is in die Boek van Mormon. Die boek het net ′n enkele hoofstuk, wat ′n verslag van die oorloë tussen die Nefiete en Lamaniete bevat. Omni het net die eerste drie verse van die boek geskryf. Die plate is toe om die beurt gegee aan Amaron, Gemis, Abinadom en uiteindelik Amaleki. Amaleki het die plate oorhandig aan Koning Benjamin, koning van Zarahemla.

**Onderdompeling.** *Sien* Doop—Doop deur onderdompeling

**Onderrig, Onderwyser.** *Sien ook* Heilige Gees

Om kennis oor te dra aan andere, veral aangaande evangeliese waarhede en om hulle te lei na regverdigheid. Diegene wat die evangelie onderrig, moet deur die Gees gelei word. Alle ouers is onderwysers in hulle eie huise. Heiliges moet daarna streef en gewillig wees om onderrig te ontvang van die Here en sy leiers.

Leer dit aan jou seuns, **Deut.** 4:8–9. Jy moet dit by jou kinders inskerp, **Deut.** 6:7 (Deut. 11:18–19). Oefen die seun volgens die eis van sy weg, **Spr.** 22:6. Al jou kinders sal deur die Here geleer wees, **Jes.** 54:13 (3 Ne. 22:13).

Ons weet dat U ′n leraar is wat van God gekom het, **Joh.** 3:2. Jy dan, wat ′n ander leer, leer jy jouself nie, **Rom.** 2:21.

Ek is in ′n mate onderrig in al die geleerdheid van my vader, **1 Ne.** 1:1 (Enos 1:1). Priesters en leraars moet ywerig onderrig, of anders die sondes van die volk op hulle eie hoofde neem, **Jakob** 1:18–19. Slaan ag op My, en maak oop julle ore, **Mosia** 2:9. Julle sal jul kinders leer om mekaar lief te hê en te dien, **Mosia** 4:15. Vertrou geeneen om julle leraar te wees, tensy hy ′n man van God is nie, **Mosia** 23:14. Die Here het sy Gees uitgestort op die hele aangesig van die land om hulle harte voor te berei om die woord te ontvang, **Alma** 16:16. Hulle het geleer met krag en gesag van God, **Alma** 17:2–3. Hulle is deur hulle moeders geleer, **Alma** 56:47 (Alma 57:21).

Vir sover hulle na wysheid gesoek het, mag hulle onderrig word, **L&V** 1:26. Leer mekaar ooreenkomstig die amp waarmee Ek julle aangestel het, **L&V** 38:23. Onderrig die beginsels van my evangelie, wat in die Bybel en die Boek van Mormon is, **L&V** 42:12. Julle sal van omhoog geleer word, **L&V** 43:15–16. Ouers moet hulle kinders leer, **L&V** 68:25–28. Leer mekaar die leerstellings van die koninkryk, **L&V** 88:77–78, 118. Stel onder julleself ′n onderwyser aan, **L&V** 88:122. Julle het nie aan julle kinders lig en waarheid geleer nie, en dit is die oorsaak van julle verdrukking, **L&V** 93:39–42.

Leer hierdie dinge vryelik aan julle kinders, **Moses** 6:57–61.

*Onderrig met die Gees:* Want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Gees wat in julle spreek, **Matt.** 10:19–20. Was ons hart nie brandende in ons toe Hy vir ons die skrifte uitgelê het nie, **Lk.** 24:32. Die evangelie word verkondig deur die krag van die Gees, **1 Kor.** 2:1–14.

Hy het met krag en gesag van God gespreek, **Mosia** 13:5–9 (Alma 17:3; Hel. 5:17).

Jy sal my Gees hê ter oortuiging van mense, **L&V** 11:21. Jy sal deur die Kerk in alle dinge gehoor word wat jy sal leer deur die Trooster, **L&V** 28:1 (L&V 52:9). As julle nie die Gees ontvang nie, sal julle nie onderrig nie, **L&V** 42:14 (L&V 42:6). Leer die kinders van mense die dinge deur die krag van die Gees, **L&V** 43:15. Ouderlinge moet die evangelie verkondig deur die Gees, **L&V** 50:13–22. Dit sal aan julle gegee word in daardie uur wat julle moet spreek, **L&V** 84:85 (L&V 100:5–8).

**Onderskeiding, Gawe van.** *Sien ook* Gawes van die Gees

Om iets te verstaan of te weet deur die mag van die Gees. Die gawe van onderskeiding is een van die gawes van die Gees. Dit sluit in om die ware aard van mense waar te neem asook die oorsprong en betekenis van geestelike openbarings.

Die mens sien aan wat voor oë is, maar die Here sien die hart aan, **1 Sam.** 16:7. Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, **Jes.** 5:20 (2 Ne. 15:20).

Die dinge van God word geestelik onderskei, **1 Kor.** 2:14. Aan sommige

mense word gegee die gawe van onderskeiding van die geeste, **1 Kor.** 12:10.

Ammon kon sy gedagtes onderskei, **Alma** 18:18. Die stil stem het hulle deurdring wat gehoor het, **3 Ne.** 11:3.

Dat julle nie bedrieg mag word nie, soek die beste gawes, **L&V** 46:8, 23. Kerkleiers word die mag gegee om die gawes van die Gees te onderskei, **L&V** 46:27. Daardie liggaam wat met lig gevul is, verstaan alle dinge, **L&V** 88:67.

Moses het die aarde aanskou, en dit onderskei deur die Gees van God, **Moses** 1:27.

**Onderskraging van Kerkleiers.** *Sien ook* Algemene Instemming

Om ondersteuning toe te sê aan diegene wat dien in algemene en plaaslike Kerkleierskapposisies.

Stel vir Josua voor die hele vergadering en gee hom 'n opdrag voor hulle oë, **Núm.** 27:18–19. Die hele volk het gejuig en sê: Mag die koning lewe, **1 Sam.** 10:24. Glo aan my profete, dan sal julle voorspoedig wees, **2 Kron.** 20:20.

Wees gehoorsaam aan julle voorgangers, **Hebr.** 13:17.

Jy sal deur die Here begunstig word, omdat jy nie gemurmureer het nie, **1 Ne.** 3:6. Hulle wat die profete ontvang het, is gered, **3 Ne.** 10:12–13. Slaan ag op die woorde van hierdie twaalf, **3 Ne.** 12:1.

Deur my eie stem of deur die stem van my diensknegte, dit is dieselfde, **L&V** 1:38. Sy woord moet julle aanneem, asof uit my eie mond, **L&V** 21:5. Hy wat my diensknegte ontvang, ontvang My, **L&V** 84:35–38. Wie ook al My aanneem, neem diegene aan wat Ek gestuur het, **L&V** 112:20. As my volk nie ag slaan op die stem van hierdie manne wat Ek aangestel het nie, sal hulle nie geseënd wees nie, **L&V** 124:45–46.

**Oneerbiedigheid.** *Sien ook* Laster, Godslastering

Oneerbiedigheid of minagting vir heilige dinge; veral oneerbiedigheid vir die naam van God.

Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, **Ex.** 20:7 (2 Ne. 26:32; Mosia 13:15; L&V 136:21). Waarom ontheilig ons die verbond van ons vaders, **Mal.** 2:10.

Van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag, **Matt.** 12:34–37. Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking. Dit behoort nie so te wees nie, **Jak.** 3:10.

Ons woorde sal ons veroordeel, **Alma** 12:14 (Mosia 4:30).

Laat almal oppas hoe hulle my Naam op hulle lippe neem, **L&V** 63:61–62.

**Onenigheid.** *Sien* Twis

**Ongeloof.** *Sien ook* Geloof, Glo

'n Gebrek aan geloof in God en sy evangelie.

Vanweë hulle ongeloof het Hy nie baie kragtige dade gedoen nie, **Matt.** 13:58. As gevolg van hulle ongeloof kon Jesus se dissipels nie 'n duiwel uitdryf nie, **Matt.** 17:14–21. Kom my ongeloof te hulp, **Mark.** 9:23–24. Jesus het sy Apostels verwyt vir hulle ongeloof en hardheid van hart, **Mark.** 16:14. Sal hulle ontrou die getrouheid van God vernietig, **Rom.** 3:3.

Dit is beter dat een man moet omkom as dat 'n nasie kwyn en vergaan in ongeloof, **1 Ne.** 4:13. Wanneer die tyd kom dat hulle in ongeloof kwyn, sal Hy hulle laat verstrooi en vernietig, **2 Ne.** 1:10–11 (L&V 3:18). Vanweë hulle ongeloof kon hulle nie die woord van God verstaan nie, **Mosia** 26:1–5. Ek kon nie sulke groot wonderwerke aan die Jode getoon het nie, vanweë hulle ongeloof, **3 Ne.** 19:35.

Julle verstand is in die verlede, verdonker vanweë ongeloof, **L&V** 84:54–58.

**Onheilig.** *Sien* Boos, Boosheid

**Onkruid**

ʼn Gras of giftige onkruid wat soos koring lyk. Dit kan nie van koring onderskei word totdat dit ten volle uitgegroei het nie (Matt. 13:24–30; L&V 86:1–7).

**Onregverdig, Onregverdigheid.** *Sien ook* Boos, Boosheid; Regverdigheid, Regverdig; Sonde; Vieslik, Vieslikheid

Goddeloos; mense wat nie God of die dinge van God liefhet nie en wat nie sy saak ondersteun nie.

Die onregverdiges sal nie die koninkryk van God beërwe nie, **1 Kor.** 6:9–10. Almal wat behae gehad het in die onregverdigheid word veroordeel, **2 Thes.** 2:12. Jesus Christus kan ons reinig van alle ongeregtigheid, **1 Joh.** 1:9.

ʼn Onregverdige koning verdraai die weë van alle regverdigheid, **Mosia** 29:23. Die fondament van vernietiging word gelê deur die onregverdigheid van regsgeleerdes en regters, **Alma** 10:27.

Ek stuur julle uit om die wêreld te berispe oor onregverdige dade, **L&V** 84:87. Die siel moet geheilig word van alle onregverdigheid, **L&V** 88:17–18. Die aard van byna alle mense is om onregverdige heerskappy te begin uitoefen, **L&V** 121:39.

**Onrein.** *Sien* Rein en Onrein

**Onsedelikheid.** *Sien* Boos, Boosheid; Kuisheid; Seksuele Onsedelikheid; Wellus, Wellustigheid

**Onskuld, Onskuldig**

Sonder blaam of sondeloos.

Voor die val was Adam en Eva in ʼn toestand van onskuld, **2 Ne.** 2:23. Die bloed van die onskuldiges sal as ʼn getuienis staan, **Alma** 14:11.

Elke mens se gees was onskuldig vanaf die begin, **L&V** 93:38. Die onskuldiges moet nie saam met die onregverdiges veroordeel word nie, **L&V** 104:7. Joseph en Hyrum Smith was onskuldig aan enige misdaad, **L&V** 135:6–7.

Kinders is rein vanaf die grondlegging van die aarde, **Moses** 6:54.

**Onsterflik, Onsterflikheid.** *Sien ook* Heil; Jesus Christus; Opstanding; Sterflik, Sterflikheid; Versoen, Versoening

Die toestand om vir altyd te leef in ʼn herrese toestand, nie onderworpe aan ʼn fisiese dood nie.

Hy het opgestaan, **Mark.** 16:6. So sal almal in Christus lewend gemaak word, **1 Kor.** 15:22. Die dood is verslind wanneer hierdie sterflike met onsterflikheid beklee word, **1 Kor.** 15:53–54. Christus het die dood tot niet gemaak en die onverderflikheid aan die lig gebring, **2 Tim.** 1:10.

Onsterflikheid is die herstelling van die gees aan die liggaam, **2 Ne.** 9:13. Geeste wat herenig word met hulle liggame, word onsterflik, om nooit weer dood te gaan nie, **Alma** 11:45.

Die gelowiges sal bekroon word met onsterflikheid en die ewige lewe, **L&V** 75:5. Die aarde sal geheilig en onsterflik word, **L&V** 77:1 (L&V 130:9).

God se werk en heerlikheid is om die onsterflikheid en ewige lewe van die mens teweeg te bring, **Moses** 1:39.

**Ontug.** *Sien ook* Egbreuk; Kuisheid; Wellus, Wellustigheid

Onwettige seksuele gemeenskap tussen twee persone wat nie getroud is met mekaar nie. In die skrifture word dit ook somtyds gebruik as ʼn simbool van afvalligheid.

Onthou julle van hoerery, **Hand.** 15:20. Die liggaam is nie vir hoerery nie, maar vir die Here, **1 Kor.** 6:13–18. Om hoerery te vermy, moet elke man sy eie vrou hê, **1 Kor.** 7:2–3. Dit is die wil van God, dat julle jul moet onthou van die hoerery, **1 Thes.** 4:3.

Jakob het die volk van Nefi gewaarsku teen ontug, **Jakob** 3:12. Julle word ryp, vanweë julle moorde en julle ontug en goddeloosheid, vir ewige vernietiging, **Hel.** 8:26.

Ontugplegers moet bekeer ten einde by die Kerk aan te sluit, **L&V** 42:74–78.

**Onvergeeflike Sonde.** *Sien ook* Heilige Gees; Laster, Godslastering; Moord; Seuns van die Verderf

Die sonde om die Heilige Gees te loën, ʼn sonde wat nie vergewe kan word nie.

Lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie, **Matt.** 12:31–32 (Mark. 3:29; Lk. 12:10). Dit is onmoontlik om die wat die Heilige Gees deelagtig geword het, om dié weer tot bekering te vernuwe, **Hebr.** 6:4–6. As ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, **Hebr.** 10:26.

As jy die Heilige Gees verloën, en jy weet dat jy dit verloën, sien, dit is ʼn sonde wat onvergeeflik is, **Alma** 39:5–6 (Jakob 7:19).

Hulle het geen vergifnis nie omdat hulle die Eniggebore Seun verloën het, omdat hulle Hom tot hulleself gekruisig het, **L&V** 76:30–35. Laster teen die Heilige Gees sal nie vergewe word nie, wat beteken om onskuldige bloed te vergiet nadat julle my nuwe en ewigdurende verbond aangeneem het, **L&V** 132:26–27.

**Oog, Oë**

In die skrifture word die oog dikwels gebruik as ʼn simbool van ʼn persoon se vermoë om die lig van God te ontvang. Simbolies toon ʼn persoon se oog ook geestelike toestand en ʼn begrip van die dinge van God.

Die gebod van die Here is suiwer, verlig die oog, **Ps.** 19:9. Die dwase het oë en sien nie, **Jer.** 5:21 (Mark. 8:18).

Die lamp van die liggaam is die oog, **Matt.** 6:22 (Lk. 11:34; 3 Ne. 13:22; L&V 88:67). Gelukkig is julle oë want hulle sien, **Matt.** 13:16. Die oë van julle verstand sal verlig word, **Efés.** 1:17–18.

Wee die wyse in hul eie oë, **2 Ne.** 15:21 (Jes. 5:21). Hulle het begin om te vas en te bid sodat die oë van die volk geopen mag word, **Mosia** 27:22. Satan het hul oë verblind, **3 Ne.** 2:2. Niemand kan mag hê om die Boek van Mormon aan die lig te bring nie, behalwe met ʼn oog wat uitsluitlik gerig is op God se heerlikheid, **Morm.** 8:15.

Deur die krag van die Gees is ons oë geopen en ons begrip verlig, **L&V** 76:12. Die lig is deur Hom wat julle oë verlig, **L&V** 88:11. As julle oë enkel op my heerlikheid gerig is, sal julle hele liggame gevul wees met lig, **L&V** 88:67.

**Oor.** *Sien ook* Ag slaan op

In die skrifture word die oor dikwels gebruik as simbool van ʼn persoon se vermoë om die dinge van God te hoor en te verstaan.

Ore het hulle, maar hoor nie, **Ps.** 115:6. Hy wek my oor om te hoor, **Jes.** 50:4–5 (2 Ne. 7:4–5).

Wie ore het om te hoor, laat hom hoor, **Matt.** 11:15. Met die ore het hulle beswaarlik gehoor, **Matt.** 13:15 (Moses 6:27). Die oog het nie gesien en die oor het nie gehoor die dinge wat God berei het vir dié wat Hom liefhet, **1 Kor.** 2:9 (L&V 76:10).

Die duiwel fluister in hulle ore, **2 Ne.** 28:22. Open julle ore dat julle mag hoor, **Mosia** 2:9 (3 Ne. 11:5). Ek is baie kere geroep en wou nie hoor nie, **Alma** 10:6. Neig jou oor na my woorde, **Alma** 36:1 (Alma 38:1; L&V 58:1).

Daar is nie ʼn oor wat nie sal hoor nie, **L&V** 1:2. Ore word geopen deur ootmoed en gebed, **L&V** 136:32.

**Oordeel, Die Laaste.** *Sien ook* Jesus Christus—Regter; Regter, Oordeel; Veroordeel, Veroordeling

Die Finale Oordeel wat sal plaasvind

na die Opstanding. God, deur Jesus Christus, sal elke persoon oordeel om die ewige heerlikheid wat hy sal ontvang, te bepaal. Hierdie oordeel sal gegrond word op elke persoon se gehoorsaamheid aan God se gebooie, insluitende sy aanvaarding van die soenoffer van Jesus Christus.

Die Vader het die hele oordeel aan die Seun gegee, **Joh.** 5:22. Ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word, **Rom.** 14:10. Die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, **Openb.** 20:12 (L&V 128:6–7).

Oor al jou werke sal jy tot oordeel gebring word, **1 Ne.** 10:20. Die Twaalf Apostels en die twaalf Nefitiese dissipels sal Israel oordeel, **1 Ne.** 12:9–10 (L&V 29:12). Almal moet verskyn voor die regterstoel van die Heilige Een, **2 Ne.** 9:15. Berei julle siele voor vir daardie heerlike dag, **2 Ne.** 9:46. Kan julle julself voorstel voor die regterstoel van God, **Alma** 5:17–25. Jesus Christus sal staan om die wêreld te oordeel, **3 Ne.** 27:16.

Die Here sal met ʼn vervloeking neerdaal om die bose te oordeel, **L&V** 133:2.

**Oorlewering**

Oortuiginge en gebruike wat oorgedra word van een geslag na ʼn ander (2 Thes. 2:15). In die skrifture waarsku die Here die regverdiges deurgaans om die bose oorleweringe van mense te vermy (Lev. 18:30; Mark. 7:6–8; Mosia 1:5; L&V 93:39–40).

**Oorlog.** *Sien ook* Vrede

ʼn Stryd of ʼn gewapende konflik; veg met wapens. Die Here keur oorlog goed slegs as ʼn laaste uitweg vir sy Heiliges om hulle gesinne, besittings, regte, voorregte en vryheid te verdedig (Alma 43:9, 45–47).

Moroni het gepoog om sy volk, sy regte, sy land en sy geloof te verdedig, **Alma** 48:10–17.

Joseph Smith het ʼn openbaring en profesie ontvang oor oorlog, **L&V** 87. Verwerp oorlog en verkondig vrede, **L&V** 98:16, 34–46. Ons glo dat mense geregverdig is om hulleself, hulle vriende, en eiendom en die regering te verdedig, **L&V** 134:11.

Ons glo daarin om die wet te gehoorsaam, te eer en te onderhou, **Gel. Art.** 1:12.

**Oorlog in die Hemel.** *Sien ook* Raadsvergadering in die Hemel; Vooraardse Lewe

Die konflik wat plaasgevind het in die vooraardse lewe onder die geesteskinders van God.

Satan is uit die hemel gewerp en op die aarde neergewerp, **Openb.** 12:4, 7–9.

Die duiwel en ʼn derde deel van die hemel is neergewerp, **L&V** 29:36–37. Lucifer het teen die Eniggebore Seun gerebelleer, **L&V** 76:25–26.

Satan het die heerlikheid van die Vader gesoek en om die handelingsmag van die mens te vernietig, **Moses** 4:1–4 (Jes. 14:12–15; Abr. 3:27–28). Diegene wat God gevolg het, het hulle eerste staat behou, na die aarde gekom en het liggame ontvang, **Abr.** 3:26.

**Openbaring.** *Sien ook* Droom; Heilige Gees; Inspirasie, Inspireer; Lig, Lig van Christus; Profesie, Profeteer; Stem; Visioen; Woord van God

Kommunikasie van God met sy kinders op aarde. Openbaring mag kom deur die Lig van Christus en die Heilige Gees deur middel van inspirasie, visioene, drome of besoeke van engele. Openbaring verskaf leiding wat die gelowiges kan lei na ewige heil in die selestiale koninkryk.

Die Here openbaar sy werk aan sy profete en bevestig aan gelowiges dat die openbarings aan die profete waar is (Amos 3:7). Deur openbaring voorsien die Here individuele leiding vir elke persoon wat dit soek en wat geloof

het, bekeer en gehoorsaam is aan die evangelie van Jesus Christus. "Die Heilige Gees is ʹn openbaarder," het Joseph Smith gesê en "geeneen kan die Heilige Gees ontvang sonder om openbarings te ontvang nie."

In die Here se Kerk is die Eerste Presidensie en die Kworum van die Twaalf Apostels profete, sieners en openbaarders vir die Kerk en vir die wêreld. Die President van die Kerk is die enigste een aan wie die Here gesag gegee het om openbaring te ontvang vir die Kerk (L&V 28:2–7). Elke mens mag persoonlike openbaring ontvang vir sy eie welsyn.

Die mens lewe van alles wat uit die mond van die Here uitgaan, **Deut.** 8:3 (Matt. 4:4; L&V 98:11). Die Here spreek in die fluistering van ʹn windstilte, **1 Kon.** 19:12. As daar geen openbaring is nie, word die volk bandeloos, **Spr.** 29:18. Want die Here doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie, **Amos** 3:7.

Geseënd is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader, **Matt.** 16:15–19. Die Gees sal julle in die hele waarheid lei en die toekomstige dinge aan julle verkondig, **Joh.** 16:13. As iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, **Jak.** 1:5.

Alle dinge sal geopenbaar word, **2 Ne.** 27:11. Ek sal aan die kinders van mense reël op reël gee, **2 Ne.** 28:30. Daar is niks wat verborge is wat nie geopenbaar sal word nie, **2 Ne.** 30:17. Die Heilige Gees sal aan julle alle dinge toon, **2 Ne.** 32:5. Geen mens ken sy weë nie, behalwe as dit aan hom geopenbaar word, **Jakob** 4:8. Alma het gevas en gebid vir openbaring, **Alma** 5:46. Aan die gelowiges sal dit gegee word om dinge te openbaar wat nog nooit geopenbaar is nie, **Alma** 26:22. Diegene wat openbaring loën, ken nie die evangelie van Jesus Christus nie en verstaan nie die skrifture nie, **Morm.** 9:7–8. Julle ontvang geen getuienis tot na die beproewing van julle geloof nie, **Ether** 12:6.

My woorde sal alles vervul word, **L&V** 1:38. Het Ek nie vrede tot julle gespreek aangaande die saak nie, **L&V** 6:22–23. Ek sal jou in jou verstand en in jou hart vertel, **L&V** 8:2–3. As dit reg is, sal ek jou boesem in jou laat brand, **L&V** 9:8. Moenie die gees van openbaring ontken nie, **L&V** 11:25. As jy vra, sal jy openbaring op openbaring ontvang, **L&V** 42:61. Alles wat hulle sal spreek wanneer hulle deur die Heilige Gees beweeg word, sal die stem van die Here wees, **L&V** 68:4. God sal aan jou kennis gee, **L&V** 121:26.

Joseph Smith het die Vader en die Seun gesien, **JS—G** 1:17. Ons glo alles wat God geopenbaar het en nog sal openbaar, **Gel. Art.** 1:7, 9.

**Openbaring van Johannes.** *Sien ook* Apokalips; Johannes, Seun van Sebedéüs

Die laaste boek in die Nuwe Testament, wat bestaan uit ʹn openbaring wat aan Johannes die Apostel gegee is. Hy is toegelaat om die geskiedenis van die wêreld te sien, veral die laaste dae (Openb. 1:1–2; 1 Ne. 14:18–27; L&V 77). Die openbaring van Johannes is ook bekend as die Apokalips.

Johannes het hierdie openbaring ontvang op die Here se dag op die eiland van Patmos (Openb. 1:9–10), naby die kus van Asië, nie ver van Éfese nie. Die presiese datum van die openbaring is nie bekend nie.

Sleutels om die boek te verstaan is ingesluit in 1 Nefi 14:18–27 en Leer en Verbonde 77 (Ether 4:15–16).

Hoofstukke 1–3 is ʹn inleiding tot die boek en briewe aan die sewe kerke in Asië. Johannes het die briewe geskryf om die Heiliges te help om sekere probleme op te los. Hoofstukke 4–5 teken visioene aan wat Johannes ontvang het waardeur hy die majesteit en regverdige krag van God en Christus toon. In

hoofstukke 6–9, 11 het Johannes aangeteken dat hy 'n boek gesien het wat verseël is met sewe seëls, waarvan elke seël een duisend jaar verteenwoordig van die aarde se tydelike geskiedenis. Hierdie hoofstukke handel hoofsaaklik oor gebeurtenisse wat in die sewende seël bevat word (sien Openb. 8–9; 11:1–15). Hoofstuk 10 beskryf 'n boek wat Johannes geëet het. Die boek verteenwoordig 'n toekomstige sending wat hy sou uitvoer. Hoofstuk 12 teken 'n visioen aan van die boosheid wat in die hemel begin het toe Satan gerebelleer het en uitgewerp is. Die oorlog wat daar begin het, word steeds op aarde gevoer. In hoofstukke 13, 17–19 het Johannes die goddelose aardse koninkryke beskryf wat deur Satan beheer word en het hulle lot opgeteken, insluitende die finale vernietiging van die bose. Hoofstukke 14–16 beskryf die regverdigheid van die Heiliges te midde van die bose net voor die Tweede Koms van Christus. Hoofstukke 20–22 beskryf die Millennium, die pragtige stad van die Nuwe Jerusalem en die finale gebeure van die aarde se geskiedenis.

**Oplegging van Hande.** *Sien* Hande, Oplegging van

**Opoffer.** *Sien ook* Bloed; Gebroke Hart; Jesus Christus; Nagmaal; Versoen, Versoening

In die vroeëre tye het *opoffer* beteken om iets of iemand te heilig. Vandag beteken dit om vir die Here en sy koninkryk wêreldse dinge prys te gee. Lede van die Here se Kerk moet gewillig wees om alle dinge vir die Here op te offer. Joseph Smith het geleer dat "'n geloof wat nie die opoffering van alle dinge vereis nie, nooit voldoende mag het om die geloof voort te bring wat noodsaaklik is vir die lewe en heil nie." In die ewige perspektief is die seëninge wat verkry word deur opoffering, groter as enigiets wat prysgegee word.

Nadat Adam en Eva uit die Tuin van Eden uitgewerp is, het die Here aan hulle die wet van offerande gegee. Hierdie wet het ingesluit die offerande van die eerstelinge van hulle kudde. Hierdie offerande het die offer wat gemaak sou word deur die Eniggebore Seun van God, gesimboliseer (Moses 5:4–8). Hierdie gebruik het voortgeduur tot die dood van Jesus Christus, wat die offer van diere as 'n evangeliese offerande beëindig het (Alma 34:13–14). Vandag gebruik Kerklede van die nagmaal van die brood en die water ter gedagtenis aan die offerande van Jesus Christus. Vandag word lede van Christus se Kerk ook gevra om die offerande van 'n gebroke hart en 'n verslae gees te offer (3 Ne. 9:19–22). Dit beteken dat hulle nederig, boetvaardig en gewillig is om God se gebooie te onderhou.

Abraham het sy seun, Isak, vasgebind en hom op 'n altaar neergelê, **Gén.** 22:1–18 (Jakob 4:5). Jy sal jou brandoffers offer, **Ex.** 20:24. Diere wat geoffer word moet sonder gebrek wees, **Deut.** 15:19–21. Om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, **1 Sam.** 15:22.

Om lief te hê is meer as al die brandoffers en die slagoffers, **Mark.** 12:32–33. Ons is geheilig deur die offer van Christus, **Hebr.** 10:10–14.

Christus het homself geoffer as 'n offerande vir sonde, **2 Ne.** 2:6–7. Daardie groot en laaste offerande sal die Seun van God wees, ja, oneindig en ewig, **Alma** 34:8–14. Moet nie meer brandoffers offer nie; offer aan God 'n gebroke hart en 'n verslae gees, **3 Ne.** 9:19–20 (Ps. 51:18–19; L&V 59:8).

Vandag is 'n dag van opoffering, **L&V** 64:23 (L&V 97:12). Almal wat gewillig is om hulle verbonde na te kom deur opoffering, word aangeneem deur die Here, **L&V** 97:8. Joseph F. Smith het die geeste van die regverdiges gesien wat offerandes geoffer het na die gelykenis van die Saligmaker se offerande, **L&V** 138:13. Redding het gekom deur die

offerande van die Seun van God op die kruis, **L&V** 138:35.

**Opposisie.** *Sien* Teenstand

**Opstanding.** *Sien ook* Dood, Fisiese; Gees; Jesus Christus; Liggaam; Onsterflik, Onsterflikheid; Versoen, Versoening

Die hereniging van die geestelike liggaam met die fisiese liggaam van vlees en been na die dood. Na die opstanding sal die gees en liggaam nooit weer geskei word nie en die persoon sal onsterflik word. Elke persoon wat op aarde gebore word, sal opstaan omdat Jesus Christus die dood oorwin het (1 Kor. 15:20–22).

Jesus Christus was die eerste persoon op die aarde om op te staan uit die dode (Hand. 26:23; Kol. 1:18; Openb. 1:5). Die Nuwe Testament gee voldoende bewys dat Jesus met sy fisiese liggaam opgestaan het: sy graf was leeg, Hy het vis en heuning geëet, Hy het ’n liggaam van vlees en been gehad, mense het Hom aangeraak, en die engele het gesê dat Hy opgestaan het (Mark. 16:1–6; Lk. 24:1–12, 36–43; Joh. 20:1–18). Openbarings van die laaste dae bevestig die werklikheid van die Opstanding van Christus en van die hele mensdom (Alma 11:40–45; 40; 3 Ne. 11:1–17; L&V 76; Moses 7:62).

Alle mense sal nie tot dieselfde heerlikheid opstaan nie (1 Kor. 15:39–42; L&V 76:89–98), ook sal almal nie op dieselfde tyd opstaan nie (1 Kor. 15:22–23; Alma 40:8; L&V 76:64–65, 85; 88:96–102). Baie Heiliges het opgestaan na Christus se Opstanding (Matt. 27:52). Die regverdiges sal opstaan voor die bose en sal uitkom in die Eerste Opstanding (1 Thes. 4:16); die onbekeerlike sondaars sal te voorskyn kom in die laaste opstanding (Openb. 20:5–13; L&V 76:85).

En nadat hulle so my vel afgeskeur het, sal ek nogtans uit my vlees God aanskou, **Job** 19:26 (Moses 5:10). Ek sal julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, **Eség.** 37:12.

Grafte is geopen en baie liggame het opgestaan, **Matt.** 27:52–53 (3 Ne. 23:9). Die Here het opgestaan, **Lk.** 24:34. ’n Gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie, **Lk.** 24:39. Ek is die opstanding en die lewe, **Joh.** 11:25. Die Twaalf Apostels het geleer dat Jesus opgestaan het, **Hand.** 1:21–22 (Hand. 2:32; 3:15; 4:33). In Christus sal almal lewend gemaak word, **1 Kor.** 15:1–22. Die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan, **1 Thes.** 4:16. Geseënd en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding, **Openb.** 20:6.

Christus lê sy lewe neer volgens die vlees, en neem dit weer op sodat Hy die opstanding van die dode teweeg kan bring, **2 Ne.** 2:8 (Mosia 13:35; 15:20; Alma 33:22; 40:3; Hel. 14:15). Sonder die opstanding sal ons onderwerp word aan Satan, **2 Ne.** 9:6–9. Die opstanding sal oorgaan op alle mense, **2 Ne.** 9:22. Abinadi het geleer van die eerste opstanding, **Mosia** 15:21–26. Die goddelose bly asof daar geen verlossing bewerkstellig is nie, behalwe vir die losmaking van die bande van die dood, **Alma** 11:41–45. Alma het die toestand van die siel verduidelik tussen die dood en die opstanding, **Alma** 40:6, 11–24.

By die Here se koms sal die dode wat in Christus gesterf het, uitkom, **L&V** 29:13 (L&V 45:45–46; 88:97–98; 133:56). Ween in besonder vir hulle wat geen hoop het op ’n heerlike opstanding nie, **L&V** 42:45. Hulle wat geen wet geken het nie sal deel hê aan die eerste opstanding, **L&V** 45:54. Hulle sal uit die dood opstaan en nie agterna sterwe nie, **L&V** 63:49. Die opstanding van die dood is die verlossing van die siel, **L&V** 88:14–16. Gees en element, onafskeidbaar verbind, ontvang ’n volheid van vreugde, **L&V** 93:33. Engele wat herrese wesens is, het liggame van vlees en been, **L&V**

129:1. Watter peil van intelligensie ons ook al in hierdie lewe bereik, sal met ons verrys in die opstanding, **L&V** 130:18–19.

**Opwek.** *Sien ook* Opstanding

Om lewendig te maak, om op te wek, of om ʼn persoon te verander sodat hy in God se teenwoordigheid kan wees.

God het ons lewend gemaak saam met Christus, **Efés.** 2:4–5 (Kol. 2:6, 12–13). Christus is gedood na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees, **1 Petr.** 3:18 (L&V 138:7).

Niemand het God gesien nie, behalwe as hy lewend gemaak is deur die Gees, **L&V** 67:11. Die verlossing is deur Hom wat alle dinge lewend maak, **L&V** 88:16–17. Die heiliges sal lewend gemaak word en opgeneem word om Christus te ontmoet, **L&V** 88:96.

Adam is lewend gemaak in die innerlike mens, **Moses** 6:65.

**Ordinansies.** *Sien ook* Geslagsregister; Heil; Heil vir die Dode; Tempel, Huis van die Here; Verseël, Verseëling

Heilige plegtighede en seremonies. Ordinansies bestaan uit handelinge wat geestelike betekenis het. Ordinansies kan ook God se wette en insettinge beteken.

Ordinansies in die Kerk sluit in salwing van die siekes (Jak. 5:14–15), om die nagmaal te seën (L&V 20:77, 79), doop deur onderdompeling (Matt. 3:16; L&V 20:72–74). Seëning van kindertjies (L&V 20:70), om die Heilige Gees te skenk (L&V 20:68; 33:15), om die priesterskap te skenk (L&V 84:6–16; 107:41–52), tempelordinansies (L&V 124:39) en die huwelik in die nuwe en ewigdurende verbond (L&V 132:19–20).

Onderrig hulle in die insettinge en die wette, **Ex.** 18:20. Wandel in my insettinge, en hou my verordeninge, **Eség.** 11:20.

Die volk was noulettend om die ordinansies van God te onderhou, **Alma** 30:3. Wat baat dit dat ons sy ordinansies onderhou het, **3 Ne.** 24:13–14.

Hy wat bid en verslae is, word deur My aangeneem as hy my ordinansies gehoorsaam, **L&V** 52:14–19.

Die hele mensdom mag gered word deur gehoorsaamheid aan die wette en ordinansies van die evangelie, **Gel. Art.** 1:3.

*Plaasvervangende ordinansies:* ʼn Godsdienstige ordinansie wat uitgevoer word deur ʼn lewende persoon ten behoewe van een wat dood is. Hierdie ordinansies tree in werking slegs wanneer diegene vir wie die ordinansie gedoen is, dit aanvaar, die verbonde onderhou wat daarmee gepaard gaan en verseël word deur die Heilige Gees van Belofte. Sulke ordinansies word vandag in die tempels uitgevoer.

Anders, wat sal hulle doen wat hulle vir die dode laat doop, as die dode geheel en al nie opgewek word nie, **1 Kor.** 15:29.

Die doop vir die dooies word in die tempels uitgevoer, **L&V** 124:29–36. Die geeste in die geesteswêreld is plaasvervangende doop vir die vergifnis van sondes geleer, **L&V** 138:29–34.

**Ordineer, Ordinering.** *Sien ook* Amp, Ampsdraer; Gesag; Hande, Oplegging van; Priesterskap; Roep, Geroepe van God, Roeping

Om aan te stel of gesag of ʼn amp te verleen. Om gesag te gebruik in die Here se Kerk, moet ʼn persoon van God geroepe wees, deur openbaring, en deur die oplegging van hande deur diegene wat gesag het (Gel. Art. 1:5). Alhoewel ʼn persoon gesag mag ontvang deur ordinening, gebruik hy dit onder die leiding van diegene wat die spesifieke sleutels van daardie gesag hou.

Ek het jou tot ʼn profeet vir die nasies gemaak, **Jer.** 1:5.

Julle het My nie gekies nie, maar Ek

het julle gekies en julle aangestel, **Joh.** 15:16.

Omdat Alma gesag van God gehad het, het hy priesters geordineer, **Mosia** 18:18. Mans is geordineer tot die hoëpriesterskap deur ʼn heilige roeping, **Alma** 13:1–9. Jesus het twaalf dissipels geroep en geordineer, **3 Ne.** 12:1. Ouderlinge ordineer priesters en leraars deur die oplegging van hande, **Moro.** 3.

Wag nog ʼn rukkie, want jy is nog nie geordineer nie, **L&V** 5:17. Joseph Smith is as ʼn Apostel van Jesus Christus geordineer, **L&V** 20:2 (L&V 27:12). Geen persoon mag geordineer word sonder die stem van die Kerk nie, **L&V** 20:65. Dit sal nie aan enigiemand gegee word om my evangelie te verkondig nie, tensy hy geordineer is deur iemand wat gesag het, **L&V** 42:11. Ouderlinge word geordineer om my evangelie te verkondig, **L&V** 50:13–18. Dit is die plig van die Twaalf om te ordineer en al die ander amptenare van die Kerk te organiseer, **L&V** 107:58.

Ek het vir die seëninge van die vaders gesoek, en die reg waartoe ek geordineer moes word, **Abr.** 1:2. Joseph Smith en Oliver Cowdery het mekaar geordineer tot die Ääroniese Priesterskap, **JS—G** 1:68–72.

**Organisasies.** *Sien* Geheime Organisasies

**Ou Testament.** *Sien ook* Bybel; Pentateug; Skrifture

Geskrifte van voortydse profete wat onder die invloed van die Heilige Gees opgetree het en wat oor baie eeue van Christus en sy toekomstige bediening getuig het. Dit bevat ook ʼn kroniek van Abraham se geskiedenis en sy afstammelinge, beginnende by Abraham en die verbond, of *testament*, wat die Here met Abraham en sy nasate gesluit het.

Die eerste vyf boeke van die Ou Testament is deur Moses geskryf. Hulle is Génesis, Exodus, Levítikus, Números en Deuteronómium. Génesis verwys na die oorsprong van die aarde, die mensdom, tale, rasse en die begin van die huis van Israel.

Die historiese boeke vertel van die geskiedenis van Israel. Hierdie boeke is Josua, Rigters, Rut, 1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings, 1 en 2 Kronieke, Esra, Nehemia en Ester.

Die poëtiese boeke vertel van die wysheid en literatuur van die profete. Hulle is Job, Psalms, Spreuke, Prediker, Hooglied van Salomo en Klaagliedere.

Die profete het Israel gewaarsku oor haar sondes en het getuig van die seëninge wat kom deur gehoorsaamheid. Hulle het geprofeteer van die koms van Christus, wat sou versoen vir die sondes van diegene wat bekeer, die ordinansies ontvang en die evangelie leef. Die boeke van die profete is Jesaja, Jeremia, Eségiël, Daniël, Hoséa, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Hábakuk, Sefánja, Haggai, Sagaría en Maleági.

Meeste van die Ou Testamentiese boeke is in Hebreeus geskryf. ʼn Paar geskrifte bevat Aramees, ʼn verwante taal.

**Ouderling.** *Sien ook* Melgisédekse Priesterskap; Priesterskap

Die woord *ouderling* word op verskillende maniere gebruik in die Bybel. In die Ou Testament verwys dit dikwels na die ouer mans in ʼn stam wat gewoonlik met regeringsake toevertrou was (Gén. 50:7; Jos. 20:4; Rut 4:2; Matt. 15:2). Hulle ouderdom en ervaring het hulle raad waardevol gemaak. Hulle posisie was nie noodwendig ʼn priesterskaproeping nie.

Daar was ook geordineerde ouderlinge in die Melgisédekse Priesterskap in Ou Testamentiese tye (Ex. 24:9–11). In die Nuwe Testament word ouderlinge genoem as ʼn priesterskapamp in die Kerk (Jak. 5:14–15). Onder die Nefiete was daar ook geordineerde ouderlinge in die priesterskap (Alma 4:7, 16; Moro. 3:1). In hierdie tydvak was Joseph Smith en Oliver Cowdery die

eerste ouderlinge om geordineer te word (L&V 20:2–3).

Ouderling is die titel wat nou gegee word aan alle draers van die Melgisédekse Priesterskap, byvoorbeeld manlike sendelinge word aangespreek as ouderlinge. ′n Apostel is ook ′n ouderling, en dit is betaamlik om van lede van die Kworum van die Twaalf of Kworums van die Sewentigs as sodanig te praat (L&V 20:38; 1 Petr. 5:1). Die plig vandag van geordineerde ouderlinge in die Kerk is gegee in openbarings van die laaste dae (L&V 20:38–45; 42:44; 46:2; 107:12).

Moses het aan al die oudstes van Israel geskryf, **Deut.** 31:9.

Barnabas het hulp gestuur aan die ouderlinge van die kerk, **Hand.** 11:30. Ouderlinge is geordineer in elke gemeente, **Hand.** 14:23 (Tit. 1:5). Roep die ouderlinge in om oor hom te bid, **Jak.** 5:14.

Ouderlinge is geordineer deur die oplegging van hande, **Alma** 6:1.

Ouderlinge moet kinders seën, **L&V** 20:70. Ouderlinge moet vergaderings lei deur die Heilige Gees, **L&V** 46:2. Ouderlinge moet ′n verslag gee van hul rentmeesterskap, **L&V** 72:5. Ouderlinge moet die evangelie preek aan die nasies, **L&V** 133:8.

**Oue van Dae.** *Sien* Adam

**Ouers.** *Sien ook* Moeder; Vader, Sterflike

Vaders en moeders. Waardige egpare wat behoorlik verseël is in die huwelik in ′n tempel van God, mag hulle rol as ouers vervul deur die ewigheid. “Ouers het ′n heilige plig om hulle kinders in liefde en regverdigheid op te voed, om aan hul fisiese en geestelike behoeftes te voldoen, en om hulle te leer om mekaar lief te hê en te dien, om die gebooie van God te onderhou, en wetsgehoorsame burgers te wees waar hulle ook al mag woon.” (“The Family: A Proclamation to the World” [Die Familie: ′n Proklamasie aan die Wêreld], *Ensign,* Nov. 2010, 129).

Kinders, gehoorsaam jul ouers, **Efés.** 6:1–3 (Kol. 3:20).

Adam en Eva was ons eerste ouers, **1 Ne.** 5:11. Dat die vervloeking op die hoofde van jul ouers mag wees, **2 Ne.** 4:6. Leer ouers dat hulle moet bekeer en gedoop word, **Moro.** 8:10.

Ouers word beveel om die evangelie aan hul kinders te leer, **L&V** 68:25. Alle kinders het aanspraak op hul ouers, **L&V** 83:4.

Die sondes van die ouers kan nie verantwoord word op die hoofde van die kinders nie, **Moses** 6:54.

**Paastyd.** *Sien* Jesus Christus; Opstanding

**Pahoran**

Die derde Nefitiese hoofregter in die Boek van Mormon (Alma 50:39–40; 51:1–7; 59–62).

**Paradys.** *Sien ook* Hemel

Daardie gedeelte van die geesteswêreld waarin die regverdige geeste wat hierdie lewe verlaat het, wag vir die opstanding van die liggaam. Dit is ′n toestand van geluk en vrede.

*Paradys* word ook in die skrifture gebruik om die geesteswêreld te beskryf (Lk. 23:43), die selestiale koninkryk (2 Kor. 12:4), en die verheerlikte millenniale vredestoestand van die aarde (Gel. Art. 1:10).

Aan hom wat oorwin, sal Ek van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is gee om te eet, **Openb.** 2:7.

Die paradys van God moet die regverdige geeste oorgee, **2 Ne.** 9:13. Die geeste van die regverdiges word ontvang in ′n toestand van geluk, wat paradys genoem word, **Alma** 40:11–12. Al die dissipels van Jesus het na die paradys van God gegaan, behalwe drie, **4 Ne.** 1:14. Ek gaan spoedig om in die paradys van God te rus, **Moro.** 10:34.

Christus het die regverdige geeste in die paradys gedien, **L&V** 138.

**Partridge, Edward**

ʼn Vroeë lid en leier van die Kerk na die herstelling in moderne tye. Edward Partridge het as die eerste Biskop gedien in die Kerk (L&V 36; 41:9–11; 42:10; 51:1–18; 115; 124:19).

**Pasga.** *Sien ook* Laaste Avondmaal; Lam van God

Die Fees van die Pasga is ingestel om die kinders van Israel te help onthou dat die engel van verderf verby hulle huise gegaan het en hulle van die Egiptenare verlos het (Ex. 12:21–28; 13:14–15). Die onbevlekte lammers, wie se bloed as ʼn teken gebruik is om vir Israel in die voortyd te red, is ʼn simbool van Jesus Christus, die Lam van God, wie se offerande die hele mensdom gered het.

Dit is die insetting van die pasga, **Ex.** 12:43.
Jesus en sy Apostels het die pasga gehou by die Laaste Avondmaal, **Matt.** 26:17–29 (Mark. 14:12–25). Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem, **Joh.** 1:29, 36. Ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus, **1 Kor.** 5:7. Julle is losgekoop deur die kosbare bloed van Christus, soos van ʼn lam sonder gebrek en vlekkeloos, **1 Petr.** 1:18–19.
Julle moet geloof in die Lam van God hê wat die sondes van die wêreld wegneem, **Alma** 7:14.
Heiliges wat leef volgens die Woord van Wysheid, sal bewaar word soos die kinders van Israel, **L&V** 89:21.
Die Lam is geslag vanaf die grondlegging van die wêreld, **Moses** 7:47.

**Patriarg, Patriargaal.** *Sien ook* Evangelis; Melgisédekse Priesterskap; Patriargale Seëninge; Vader, Sterflike

Die skrifture spreek van twee soorte patriarge: (1) ʼn Geordineerde amp in die Melgisédekse Priesterskap, somtyds genoem ʼn evangelis; (2) vaders van gesinne. Geordineerde patriarge gee spesiale seëninge aan waardige lede van die Kerk.

*Geordineerde patriarge:* En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, **Efés.** 4:11 (Gel. Art. 1:6).
Dit is die plig van die Twaalf om evangeliese dienaars te ordineer, **L&V** 107:39. Hyrum mag die amp van priesterskap en patriarg neem, **L&V** 124:91–92, 124; 135:1.

*Vaders:* Jakob het sy seuns en hulle afstammelinge geseën, **Gén.** 49:1–28.
Ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader, Dawid, **Hand.** 2:29.
Lehi het sy nasate raad gegee en geseën, **2 Ne.** 4:3–11.
Ek het ʼn regmatige erfgenaam geword, wat die reg besit wat aan die vaders behoort, **Abr.** 1:2–4.

**Patriargale Seëninge.** *Sien ook* Evangelis; Patriarg, Patriargaal; Vader, Sterflike

Seëninge wat aan waardige Kerklede gegee word deur geordineerde patriarge. ʼn Patriargale seëning bevat die Here se raad aan die persoon wat die seëning ontvang en maak daardie persoon se stamlyn in die huis van Israel bekend. Vaders mag, as die patriarge van hulle gesinne, spesiale seëninge gee, maar sulke seëninge word nie opgeteken of behou deur die Kerk nie.

Toe steek Israel sy regterhand uit en lê dit op die hoof van Efraim, **Gén.** 48:14. Jakob het sy seuns en hulle nasate geseën, **Gén.** 49.
Lehi het sy afstammelinge geseën, **2 Ne.** 4:3–11.

**Patten, David W.**

ʼn Lid van die eerste Kworum van Twaalf Apostels wat in die tydvak van die laaste dae gekies is. David Patten

was die eerste martelaar van die herstelde Kerk, deurdat hy gedood is tydens die slag van Crooked River in Missouri in 1838.

Is geroep om sy sake in orde te bring en om ʼn sending te dien, **L&V** 114:1. Die Here het hom geneem, **L&V** 124:19, 130.

**Paulus.** *Sien ook* Sendbriewe van Paulus

ʼn Apostel in die Nuwe Testament. Paulus se Hebreeuse naam was Saul, onder welke naam hy bekend was tot die begin van sy sending aan die nie-Jode. Voorheen het hy die Kerk vervolg maar is tot die waarheid daarvan bekeer nadat hy ʼn visioen van Jesus Christus gesien het. Paulus het op drie hoofsendingreise gegaan en het baie briewe aan die Heiliges geskryf. Veertien van hierdie briewe vorm vandag ʼn deel van die Nuwe Testament. Hy is uiteindelik as gevangene na Rome geneem en is doodgemaak, waarskynlik in die lente van 65 n.C.

Hulle het goedgekeur om Stéfanus te stenig, **Hand.** 7:57–8:1. Het die Heiliges vervolg, **Hand.** 8:3. Het na Damaskus gereis toe Jesus aan hom verskyn het, **Hand.** 9:1–9. Is deur Ananías gedoop, **Hand.** 9:10–18. Nadat hy vertrek het na Arabië, het hy teruggekeer na Damaskus om te preek, **Hand.** 9:19–25 (Gal. 1:17). Drie jaar na sy bekering het hy teruggegaan na Jerusalem, **Hand.** 9:26–30 (Gal. 1:18–19). Het op drie sendingreise gegaan en die evangelie verkondig en takke van die Kerk georganiseer in verskillende dele van die Romeinse Ryk, **Hand.** 13:1–14:26; 15:36–18:22; 18:23–21:15. Toe hy na sy derde sending teruggekeer het na Jerusalem, is hy in hegtenis geneem en na Cesaréa gestuur, **Hand.** 21:7–23:35. Het vir twee jaar ʼn gevangene gebly in Cesaréa, **Hand.** 24:1–26:32. Is na Rome gestuur vir sy verhoor en het skipbreuk gely op weg daarheen, **Hand.** 27:1–28:11.

**Peins.** *Sien ook* Gebed; Openbaring

Om na te dink en diep te dink, dikwels oor die skrifture of ander dinge van God. Wanneer dit met gebed gepaard gaan, mag nabetragting oor die dinge van God openbaring en begrip meebring.

Maria het hierdie dinge in haar hart oordink, **Lk.** 2:19.

Terwyl ek dit in my hart sit en bepeins het, is ek deur die Gees weggevoer, **1 Ne.** 11:1. My hart bepeins die skrifture, **2 Ne.** 4:15. Nefi het sy weg gegaan, peinsend oor die dinge wat die Here aan hom getoon het, **Hel.** 10:2–3. Gaan na julle huise en peins oor die dinge wat ek gesê het, **3 Ne.** 17:3. Onthou hoe barmhartig die Here was, en oordink dit in julle harte, **Moro.** 10:3.

Peins oor die dinge wat julle ontvang het, **L&V** 30:3. Terwyl ons hierdie dinge bepeins het, het die Here die oë van ons verstand aangeraak, **L&V** 76:19. Ek het in my kamer gesit en oor die skrifture gepeins, **L&V** 138:1–11.

Ek het keer op keer daaroor nagedink, **JS—G** 1:12.

**Peleg**

In die Ou Testament, die seun van Heber en agter-agterkleinseun van Sem. In sy tyd is die aarde verdeel (Gén. 10:22–25).

**Pen**

Een van die organisatoriese en administratiewe eenhede van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae. ʼn Pen word saamgestel uit ʼn aantal wyke en takke. Dit het gewoonlik geografiese grense en voldoen aan die beeld van ʼn tent wat beskryf word in Jesaja 54:2: "Maak jou lyne lank en slaan jou penne styf in." Elke pen van Sion ondersteun en help om die Kerk te steun net soos ʼn tent of tabernakel regop gehou word deur sy penne. ʼn Pen is die bymekaarkomplek

vir die oorblyfsels van verstrooide Israel (L&V 82:13–14; 101:17–21).

Versterk jou penne en vergroot jou grense, **Moro.** 10:31 (L&V 82:14).

Wys vir Sion ander penne aan behalwe daardie een, **L&V** 109:59. Die versameling by Sion, en in sy penne, mag vir verdediging wees, **L&V** 115:6 (L&V 101:21). Ander plekke moet aangewys word vir penne, **L&V** 115:18. Hoëpriesterkworumpresidente is aangestel om diegene wat aangestel sal word as penpresidente voor te berei, **L&V** 124:133–134. Gaan julle uit na die land Sion, dat haar penne versterk mag word, **L&V** 133:9.

**Pentateug.** *Sien ook* Deuteronómium; Exodus; Génesis; Levítikus; Moses; Númeri; Ou Testament

'n Naam wat aan die eerste vyf boeke van die Ou Testament gegee is—Génesis, Exodus, Levítikus, Númeri, en Deuteronómium. Die Jode verwys na hierdie boeke as die Tora of wet van Israel. Hulle is geskryf deur Moses (1 Ne. 5:10–11).

**Pêrel van Groot Waarde.** *Sien ook* Kanon; Skrifture; Smith, Joseph, Jr.

Die koninkryk van God op die aarde word vergelyk met 'n "baie kosbare pêrel" (Matt. 13:45–46).

Die Pêrel van Groot Waarde is ook die naam wat gegee is aan een van vier skriftuurlike volumes, wat die "standaardwerke" van die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae genoem word. Die eerste uitgawe van die Pêrel van Groot Waarde is in 1851 gepubliseer en het sekere inligting bevat wat nou in die Leer en Verbonde is. Uitgawes wat vanaf 1902 gepubliseer is, bevat (1) uittreksels van Joseph Smith se vertaling van Génesis, genoem die boek van Moses en Matthéüs 24, genoem Joseph Smith—Matthéüs; (2) Joseph Smith se vertaling van 'n aantal Egiptiese papiri wat hy in 1835 bekom het wat die boek van Abraham genoem word; (3) 'n Uittreksel van Joseph Smith se geskiedenis van die Kerk wat hy in 1838 geskryf het wat Joseph Smith—Geskiedenis genoem word; en (4) Die Geloofsartikels, dertien verklarings oor geloof en leer.

**Petrus**

In die Nuwe Testament was Petrus aanvanklik bekend as Símeon of Simon (2 Petr. 1:1), 'n visserman van Betsáida wat in Kapérnaüm gewoon het met sy vrou. Jesus het Petrus se skoonmoeder genees (Mark. 1:29–31). Petrus is saam met sy broer, Andréas, geroep om 'n dissipel van Jesus Christus te wees (Matt. 4:18–22; Mark. 1:16–18; Lk. 5:1–11). Sy Aramese naam, Cefas, wat "'n siener" of "'n klip" beteken, is aan hom gegee deur die Here (Joh. 1:40–42; JSV, Joh. 1:42 [Bylae]). Alhoewel die Nuwe Testament sommige van Petrus se sterflike swakhede noem, toon dit ook dat hy hulle te bowe gekom het en sterk gemaak is deur sy geloof in Jesus Christus.

Petrus het bely dat Jesus die Christus en die Seun van God is (Joh. 6:68–69) en die Here het hom gekies om die sleutels van die koninkryk op aarde te dra (Matt. 16:13–19). Op die Berg van Transfigurasie het Petrus die getransformeerde Saligmaker gesien, sowel as vir Moses en Elías (Elía) (Matt. 17:1–9).

Petrus was die hoofapostel van sy tyd. Na die dood, Opstanding en Hemelvaart van die Saligmaker, het hy die Kerk byeengeroep en die roeping van 'n Apostel in die plek van Judas Iskáriot, gerig (Hand. 1:15–26). Petrus en Johannes het 'n man genees wat vanaf geboorte lam was (Hand. 3:1–16) en is wonderbaarlik bevry uit die gevangenis (Hand. 5:11–29; 12:1–19). Dit was deur Petrus se bediening dat die evangelie eers aan die nie-Jode gebring is (Hand. 10–11). In die laaste dae het Petrus, saam met Jakobus en Johannes, uit die hemel gekom en die Melgisédekse

Priesterskap en die sleutels daarvan aan Joseph Smith en Oliver Cowdery geskenk (L&V 27:12–13; 128:20).

*Eerste sendbrief van Petrus:* Die eerste sendbrief is uit "Babilon" geskryf (waarskynlik Rome) en is na die Heiliges gestuur in wat vandag Klein-Asië genoem word, kort nadat Nero die Christene begin vervolg het.

Hoofstuk 1 vertel van Christus se voorafbepaalde rol as die Verlosser. Hoofstuk 2–3 verduidelik dat Christus die hoeksteen is van die Kerk, dat die Heiliges ′n koninklike priesterskap dra en dat Christus vir die geeste in die gevangenis gepreek het. Hoofstuk 4–5 verduidelik waarom die evangelie aan die dode verkondig word en waarom die ouderlinge die kudde moet voed.

*Tweede sendbrief van Petrus:* Hoofstuk 1 vermaan die Heiliges om hulle roeping en verkiesing vas te maak. Hoofstuk 2 waarsku teen valse leraars. Hoofstuk 3 praat oor die laaste dae en Christus se Tweede Koms.

**Phelps, William W.**

′n Vroeëre lid en leier in die Kerk nadat dit in 1830 herstel is. Die Here het vir William Phelps geroep om ′n drukker te wees vir die Kerk (L&V 57:11; 58:40; 70:1).

**Pilatus, Pontius**

′n Romeinse heerser in Judéa, 26–36 n.C. (Lk. 3:1). Hy het die Joodse volk en hulle godsdiens gehaat en het minstens ′n paar Galilieërs laat doodmaak (Lk. 13:1). Jesus is voor Pilatus aangekla en veroordeel om gekruisig te word (Matt. 27:2, 11–26, 58–66; Mark. 15; Lk. 23; Joh. 18:28–19:38).

**Pinkster.** *Sien ook* Wet van Moses

As ′n deel van die wet van Moses was die Pinksterfees of eerstelingfees vyftig dae na die Pasgafees gehou (Lev. 23:16). Pinksterfees was om die oes te vier en in die Ou Testament word dit die Fees van die Oes of die Fees van Weke genoem. Dit was hierdie fees wat gevier is toe die Apostels in Jerusalem met die Heilige Gees vervul was en in tonge gespreek het (Hand. 2; L&V 109:36–37).

**Plaasvervangende.** *Sien* Heil vir die Dode; Ordinansies—Plaasvervangende ordinansies

**Plan van Verlossing.** *Sien ook* Evangelie; Heil; Jesus Christus; Val van Adam en Eva; Versoen, Versoening

Die volheid van die evangelie van Jesus Christus wat daarop gerig is om die mens se onsterflikheid en ewige lewe teweeg te bring. Dit sluit in die Skepping, Val en Versoening, tesame met alle Godgegewe wette, ordinansies en leerstellings. Hierdie plan maak dit vir alle mense moontlik om verheerlik te word en vir ewig met God te leef (2 Ne. 2; 9). Die skrifture verwys ook na hierdie plan as die heilsplan, die plan van geluk en die plan van barmhartigheid.

Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, **Jes.** 53:5 (Mosia 14:5).

Daar is ook geen ander naam onder die hemel waardeur ons gered moet word nie, **Hand.** 4:12. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word, **1 Kor.** 15:22. Uit genade is julle gered, deur die geloof, **Efés.** 2:8 (2 Ne. 25:23). Die hoop van die ewige lewe wat God van ewigheid af beloof het, **Tit.** 1:2. Jesus is die bewerker van ewige heil, **Hebr.** 5:8–9. Die plan van verlossing is aan die dode gegee, **1 Petr.** 3:18–20; 4:6 (L&V 138).

Die dood vervul die plan van barmhartigheid van die groot Skepper, **2 Ne.** 9:6. Hoe groot is die plan van onse God, **2 Ne.** 9:13. Die plan van verlossing bring die opstanding en ′n vergifnis van sondes teweeg, **Alma** 12:25–34. Aäron het die plan van verlossing geleer aan Lamoni se vader, **Alma** 22:12–14. Amulek

het die heilsplan verduidelik, **Alma** 34:8–16. Alma het die heilsplan verduidelik, **Alma** 42:5–26, 31.

Die leerstellings oor die skepping, val, versoening en doop word bevestig in moderne openbarings, **L&V** 20:17–29. Die plan was geordineer nog voor die wêreld was, **L&V** 128:22.

My werk en my heerlikheid is om die onsterflikheid en die ewige lewe van die mens teweeg te bring, **Moses** 1:39. Dit is die heilsplan aan alle mense, **Moses** 6:52–62. Ons sal hulle hiermee beproef, **Abr.** 3:22–26.

**Plate.** *Sien ook* Boek van Mormon; Goue Plate

In die voortyd het sommige kulture hulle geskiedenis en kronieke neergeskryf op metaalplate, soos die geval was met die Boek van Mormon. Vir meer inligting, sien "'n Kort Verduideliking van die Boek van Mormon" in die inleidende bladsye van die Boek van Mormon.

**Plig.** *Sien ook* Gehoorsaam, Gehoorsaamheid

In die skrifture 'n taak, opdrag, of verantwoordelikheid, dikwels deur die Here of sy diensknegte gegee.

Hou sy gebooie: want dit is die hele plig van mense, **Pred.** 12:13. Wat vra die Here van jou anders as om reg te doen, **Miga** 6:8.

Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense, **Hand.** 5:29.

Hulle is getref deur hongersnood en sware verdrukkinge, om aan te spoor tot herinnering aan hulle plig, **Mosia** 1:17.

Die pligte van die ouderlinge, priesters, leraars en diakens word beskryf, **L&V** 20:38–67. Priesterskapdraers behoort om te sien na alle gesinspligte, **L&V** 20:47, 51. Die pligte van lede na die doop word beskryf, **L&V** 20:68–69. My ouderlinge moet wag vir 'n kort rukkie sodat my mense meer volledig mag weet aangaande hulle plig, **L&V** 105:9–10. Laat elke mens sy plig leer, **L&V** 107:99–100.

**Pornografie.** *Sien* Egbreuk; Kuisheid; Ontug

**Pratt, Orson**

Een van die eerste Twaalf Apostels wat geroep is na die Herstelling van die Kerk in moderne tye (L&V 124:128–129). Hy was net vir ses weke 'n lid van die Kerk toe die Here 'n openbaring aan hom gegee het deur Joseph Smith (L&V 34). Orson Pratt was ook 'n sendeling vir die Kerk (L&V 52:26; 75:14) en het as historikus vir die Kerk vir 'n aantal jare gedien.

**Pratt, Parley Parker**

Die ouer broer van Orson Pratt en een van die eerste Twaalf Apostels wat geroep is na die Herstelling van die Kerk in moderne tye (L&V 124:128–129). Parley Pratt is geroep op die eerste van verskeie sendingreise toe die Here 'n openbaring aan hom gegee het deur Joseph Smith in Oktober 1830 (L&V 32; 50:37).

**Prediker**

'n Boek in die Ou Testament wat weerspieëlinge bevat van sommige van die diepste probleme van die lewe.

Die boek se skrywer, die Prediker, skryf baie van die boek vanuit die oogpunt van diegene wat sonder evangeliese begrip is. Hy skryf volgens die gevoelens van die mense van die wêreld—dit is, diegene "onder die son" (Pred. 1:9). Baie van die boek blyk negatief en pessimisties te wees (Pred. 9:5, 10). Dit is nie hoe die Here wil hê dat ons die lewe moet ervaar nie maar eerder hoe die Prediker waargeneem het dat dinge voorkom vir oningeligte mense op aarde. Die geestelikste deel van die boek is in hoofstukke 11 en 12 waar die skrywer tot die slotsom kom dat die enigste ding van blywende

waarde gehoorsaamheid aan God se gebooie is.

**Preek.** *Sien ook* Evangelie; Sendingwerk

Om 'n boodskap te gee wat 'n beter begrip gee van 'n evangeliese beginsel of leerstelling.

Die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring aan die nederiges, **Jes.** 61:1 (Lk. 4:16–21). Maak jou klaar, gaan heen na Ninevé, en verkondig daar, **Jona** 3:2–10.

Van toe af het Jesus begin om te preek, **Matt.** 4:17. Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom, **Mark.** 16:15. Ons verkondig Christus wat gekruisig is, **1 Kor.** 1:22–24. Hy het heengegaan en gepreek vir die geeste in die gevangenis, **1 Petr.** 3:19.

Daar was niks behalwe prediking en om hulle voortdurend aan te spoor om hulle te hou in die vrese van die Here, **Enos** 1:23. Hy het hulle beveel dat hulle niks moes preek nie tensy dit bekering en geloof in die Here is, **Mosia** 18:20. Die prediking van die Woord het 'n groot neiging gehad om die volk te lei om dit te doen wat regverdig was, **Alma** 31:5.

Jy moet nie veronderstel dat jy geroep is om te preek voordat jy geroep word nie, **L&V** 11:15. Dit sal aan niemand gegee word om uit te gaan om te preek, tensy hy geordineer is nie, **L&V** 42:11. Hierdie evangelie sal aan elke nasie verkondig word, **L&V** 133:37.

Vanaf die begin is die evangelie verkondig, **Moses** 5:58.

**President.** *Sien ook* Eerste Presidensie; Profeet

'n Titel vir die presiderende amptenaar van 'n organisasie. Die President van die Kerk is 'n profeet, siener en openbaarder (L&V 21:1; 107:91–92) en lede van die Kerk moet die profeet van die Kerk met die titel van "President" aanspreek (L&V 107:65). Hy is die enigste persoon op aarde met die gesag om alle priesterskapsleutels uit te oefen.

Die hoofde van priesterskapkworums en ander Kerkorganisasies mag ook die titel van president hê.

Die Here het die sleutels van die koninkryk aan Joseph Smith gegee, **L&V** 81:1–2. Drie presidente vorm 'n kworum van die Presidensie van die Kerk, **L&V** 107:21–24. Presidente is geordineer volgens die orde van Melgisédek, **L&V** 107:29. Die pligte van die presidente oor diakens, leraars, priesters en ouderlinge word beskryf, **L&V** 107:85–89 (L&V 124:136–138, 142). Daar is sewe presidente oor al die ander Sewentigs, **L&V** 107:93–95. Presidente van penne was aangestel, **L&V** 124:133–135.

**Presidensie.** *Sien* Eerste Presidensie

**Presiderende Biskop**

'n Algemene Gesagsdraer in die Kerk. Hy het algemene verantwoordelikheid oor die fisiese welsyn van die Kerk (L&V 107:68). Die presiderende Biskop en sy raadgewers, wat ook Algemene Gesagsdraers is, presideer oor die Ääroniese Priesterskap van die Kerk (L&V 68:16–17; 107:76, 87–88).

Edward Partridge moet as biskop geordineer word, **L&V** 41:9. Biskoppe moet geroep en aangestel word deur die Eerste Presidensie, **L&V** 68:14–15. Letterlike afstammelinge van Ääron, wat eersgeborenes is, het die reg om te presideer as hulle geroep, aangestel en geordineer word deur die Eerste Presidensie, **L&V** 68:16, 18–20. Mag net deur die Eerste Presidensie verhoor word, **L&V** 68:22–24 (L&V 107:82).

**Priester, Ääroniese Priesterskap.** *Sien ook* Ääron, Broer van Moses; Ääroniese Priesterskap; Hoëpriester

'n Amp in die Ääroniese Priesterskap. In die voortyd was die hoogste amp in die Levitiese Priesterskap net

deur Aäron en sy afstammelinge beklee. Toe Christus die wet van Moses vervul het, is hierdie beperking opgehef.

ʼn Priester se pligte in die herstelde Kerk word beskryf, **L&V** 20:46–52.

**Priester, Melgisédekse Priesterskap.** *Sien ook* Hoëpriester; Melgisédekse Priesterskap

ʼn Persoon wat godsdienstige plegtighede uitvoer vir andere en gerig is op God. Dikwels in die skrifture is priesters eintlik hoëpriesters volgens die orde van Melgisédek (Alma 13:2). Diegene wat ʼn volheid van God se heerlikheid ontvang ná die Opstanding, word priesters en konings in die selestiale wêreld.

Melgisédek was ʼn priester van die Allerhoogste God, **Gén.** 14:18. U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek, **Ps.** 110:4 (Hebr. 5:6; 7:17, 21).

Christus het ons konings en priesters gemaak vir sy God en Vader, **Openb.** 1:6 (Openb. 5:10; 20:6).

Onthou dat die Here God priesters geordineer het volgens sy heilige orde, **Alma** 13:1–20.

Hulle wat te voorskyn kom in die opstanding van die regverdiges is priesters en konings, **L&V** 76:50, 55–60.

**Priesterlis**

Mense wat preek en hulleself voordoen as ʼn lig vir die wêreld sodat hulle gewin en eer van die wêreld mag verkry; hulle soek nie die welsyn van Sion nie (2 Ne. 26:29).

Hou toesig oor die kudde van God, nie om vuil gewin nie, **1 Petr.** 5:2.

Kerke wat opgebou word vir gewin moet afgebring word, **1 Ne.** 22:23 (Morm. 8:32–41). As gevolg van priesterliste en ongeregtighede sal Jesus gekruisig word, **2 Ne.** 10:5. Sou priesterlis op hierdie volk afgedwing word, sal dit lei tot hul algehele vernietiging, **Alma** 1:12. Die nie-Jode sal met alle soorte priesterlis gevul wees, **3 Ne.** 16:10.

**Priesterskap.** *Sien ook* Äaroniese Priesterskap; Eed en Verbond van die Priesterskap; Gesag; Krag; Melgisédekse Priesterskap; Ordineer, Ordinering; Sleutels van die Priesterskap

Die gesag en krag wat God aan die mens gee om in alle dinge op te tree vir die heil van die mens (L&V 50:26–27). Manlike lede van die Kerk wat die priesterskap dra, word in kworums georganiseer en ontvang gesag om ordinansies en sekere administratiewe funksies in die Kerk te verrig.

Hulle salwing moet vir hulle ʼn ewige priesterskap wees, **Ex.** 40:15 (Núm. 25:13).

Ek het julle aangestel, **Joh.** 15:16. Laat julle ook opbou tot ʼn geestelike huis, ʼn heilige priesterdom, **1 Petr.** 2:5. Julle is ʼn uitverkore geslag, ʼn koninklike priesterskap, **1 Petr.** 2:9 (Ex. 19:6).

Mans word geroep as hoëpriesters vanweë hulle uitnemende geloof en goeie werke, **Alma** 13:1–12. Ek gee aan julle mag om te doop, **3 Ne.** 11:21. Julle sal mag hê om die Heilige Gees te skenk, **Moro.** 2:2.

Ek sal aan jou die priesterskap bekend maak deur die hand van Elía, **L&V** 2:1 (JS—G 1:38). Die Here het ook ʻn priesterskap bevestig op Aäron en sy nageslag, **L&V** 84:18. Hierdie groter priesterskap bedien die evangelie, **L&V** 84:19. Hy het Moses uit hulle midde weggeneem, en die Heilige Priesterskap, **L&V** 84:25. Die eed en verbond van die priesterskap word beskryf, **L&V** 84:33–42. Die priesterskap het voortgeduur deur die stamlyn van jul vaders, **L&V** 86:8. Daar is, in die Kerk, twee priesterskappe, **L&V** 107:1. Die eerste priesterskap is die Heilige Priesterskap, volgens die Orde van die Seun van God, **L&V** 107:2–4. Die regte van die priesterskap is onlosmaaklik verbind met die magte

van die hemel, **L&V** 121:36. Geen mag of invloed kan of behoort gehandhaaf te word deur die gesag van die priesterskap nie slegs deur oorreding en ongeveinsde liefde, **L&V** 121:41. Elke getroue, waardige manlike lid van die Kerk mag die priesterskap ontvang, **AV** 2.

Ons glo dat 'n man van God geroepe moet wees, **Gel. Art.** 1:5.

**Priesterskap, Aäroniese.** *Sien* Aäroniese Priesterskap

**Priesterskap, Melgisédekse.** *Sien* Melgisédekse Priesterskap

**Priesterskap, Sleutels van.** *Sien* Sleutels van die Priesterskap

**Priesterskapordinansie.** *Sien* Ordineer, Ordinering

**Profeet.** *Sien ook* Openbaring; President; Profesie, Profeteer; Siener

'n Persoon wat deur God geroep is en namens Hom spreek. As 'n boodskapper van God, ontvang 'n profeet gebooie, profesieë en openbarings van God. Sy verantwoordelikheid is om God se wil en ware karakter bekend te maak aan die mensdom en om die betekenis van sy handelinge met hulle te toon. 'n Profeet keur sonde af en voorspel die gevolge daarvan. Hy is 'n verkondiger van regverdigheid. By geleentheid mag 'n profeet geïnspireer word om die toekoms te voorspel vir die voordeel van die mensdom. Sy hoofsaaklike verantwoordelikheid is egter om te getuig van Christus. Die President van die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae is vandag God se profeet op die aarde. Lede van die Eerste Presidensie en die Twaalf Apostels word onderskraag as profete, sieners en openbaarders.

Ag, as die hele volk van die Here maar profete was, **Núm.** 11:29. As julle profeet van die Here is, sal Ek deur 'n visioen My aan hom bekend maak, **Núm.** 12:6. Die Here het teen Israel getuig deur al die profete, **2 Kon.** 17:13 (2 Kron. 36:15–16; Jer. 7:25). Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak, **Jer.** 1:5, 7. Hy openbaar sy raadsbesluite aan sy knegte, die profete, **Amos** 3:7.

Soos Hy gespreek het deur die mond van sy heilige profete, **Lk.** 1:70 (Hand. 3:21). Al die profete het getuig van Christus, **Hand.** 10:43. God het profete in die Kerk gestel, **1 Kor.** 12:28 (Efés. 4:11). Die Kerk is gebou op 'n fondament van apostels en profete, **Efés.** 2:19–20.

Die volk het die woorde van die profete verwerp, **1 Ne.** 3:17–18 (2 Ne. 26:3). Deur die Gees word alle dinge bekend gemaak aan die profete, **1 Ne.** 22:1–2. Christus het na die Nefiete gekom om alles te vervul wat Hy gespreek het by monde van sy heilige profete, **3 Ne.** 1:13 (L&V 42:39).

Diegene wat nie wil ag slaan op die woorde van profete nie, sal afgesny word, **L&V** 1:14. Diegene wat die woorde van die profete glo, het die ewige lewe, **L&V** 20:26. Die profete se woorde sal julle ontvang asof dit uit my eie mond is, **L&V** 21:4–6. Openbarings en gebooie vir die Kerk kom net deur die een wat aangestel is, **L&V** 43:1–7. Die plig van die President is om oor die hele Kerk leiding te neem en om soos Moses te wees, om 'n profeet te wees, **L&V** 107:91–92.

Ons glo in profete, **Gel. Art.** 1:6.

**Profesie, Profeteer.** *Sien ook* Openbaring; Profeet; Profetes; Siener

'n Profesie bestaan uit goddelike geïnspireerde woorde of geskrifte wat 'n persoon deur openbaring ontvang van die Heilige Gees. Die getuienis van Jesus is die gees van die profesie (Openb. 19:10). 'n Profesie mag betrekking hê op die verlede, hede of

toekoms. Wanneer ’n persoon profeteer, spreek of skryf hy dit wat God wil hê hy moet weet, vir sy eie beswil of die beswil van andere. Individue mag ’n profesie of openbaring ontvang vir hulle eie lewens.

Ag, as die hele volk van die Here maar profete was, **Núm.** 11:29. Julle seuns en julle dogters sal profeteer, **Joël** 2:28 (Hand. 2:17–18). Hy openbaar sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, **Amos** 3:7.

Geen profesie van die Skrif is ’n saak van eie uitlegging nie, **2 Petr.** 1:20.

Die Nefiete het baie openbarings gehad en die gees van profesie, **Jakob** 4:6, 13. Alma en Amulek het die bedoelings van Zeesrom se hart geken deur die gees van profesie, **Alma** 12:7. Wee hom wat sê dat die Here nie langer deur profesie werk nie, **3 Ne.** 29:6. Ondersoek die profesieë van Jesaja, **Morm.** 8:23.

Die profesieë sal almal vervul word, **L&V** 1:37–38.

Die mens moet deur God geroep word deur profesie, **Gel. Art.** 1:5.

**Profetes.** *Sien ook* Profesie, Profeteer

’n Vrou wat ’n getuienis ontvang het van Jesus en die gees van openbaring geniet. ’n Profetes dra nie die priesterskap of die sleutels daarvan nie. Alhoewel net ’n paar vroue in die skrifture profetesse genoem word, het baie geprofeteer, soos Rebekka, Hanna, Elizabet en Maria.

Mirjam was ’n profetes genoem, **Ex.** 15:20. Debora was ’n profetes genoem, **Rigt.** 4:4. Hulda was ’n profetes genoem, **2 Kon.** 22:14 (2 Kron. 34:22).

Anna was ’n profetes genoem, **Lk.** 2:36.

**Psalm.** *Sien ook* Dawid; Musiek

’n Geïnspireerde gedig of gesang.

*Die boek Psalms:* ’n Ou Testamentiese boek wat ’n versameling van psalms bevat waarvan baie oor Christus handel. Die boek Psalms word dikwels aangehaal in die Nuwe Testament.

Dawid het baie van die Psalms geskryf. Die Psalms is geskryf as lofprysinge aan God. Baie is getoonset.

**Raad.** *Sien ook* Profeet

Vermanings, waarskuwings, advies, en onderrig van die Here en sy geordineerde leiers.

Ek sal jou raad gee, **Ex.** 18:19. God sal my lei deur sy raad, **Ps.** 73:24. As daar nie goeie oorleg is nie, val ’n volk, **Spr.** 11:14.

Die Fariseërs en die wetgeleerdes het die raad van God verwerp, **Lk.** 7:30.

Om geleerd te wees is goed as hulle ag slaan op die raad van God, **2 Ne.** 9:29.

Luister na die raad van Hom wat jou geordineer het, **L&V** 78:2. Ontvang raad van hom wat Ek aangestel het, **L&V** 108:1. Hy het gestrewe om sy raad te vestig in plaas van die raad wat Ek geordineer het, **L&V** 124:84. Slaan ag op die raad van my dienskneg Joseph, **L&V** 124:89. As enigeen nie my raad soek nie, sal hy geen krag hê nie, **L&V** 136:19.

**Raad Gee**

Soos gebruik in die skrifture, beteken dit om advies te gee of te onderrig.

Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, **Openb.** 3:18.

Soek nie om die Here raad te gee nie, **Jakob** 4:10. Hy gee in wysheid raad oor al sy werke, **Alma** 37:12.

Julle sondes het tot my opgekom omdat julle soek om raad te gee op julle eie maniere, **L&V** 56:14.

**Raad van die Twaalf.** *Sien* Apostel

**Raadsvergadering in die Hemel.** *Sien ook* Oorlog in die Hemel; Plan van Verlossing; Vooraardse Lewe

Die vergadering in die vooraardse

lewe toe die Vader sy plan voorgelê het aan sy geesteskinders wat na hierdie aarde sou kom.

Die seuns van God het gejuig, **Job** 38:4–7. Verhef my troon bo die sterre van God, **Jes.** 14:12–13.

Daar was ʼn oorlog in die hemel, **Openb.** 12:7–11.

Voordat hulle gebore is, het hulle hul eerste lesse ontvang in die geesteswêreld, **L&V** 138:56.

Satan het gerebelleer in die voor-aardse lewe, **Moses** 4:1–4. Intelligensies is geformeer voordat die wêreld geskape is, **Abr.** 3:22. Die Gode het beraadslaag onder mekaar, **Abr.** 4:26. Die Gode het die werk beëindig wat hulle beraadslaag het om te doen, **Abr.** 5:2.

**Rafael.** *Sien ook* Engele

ʼn Engel van die Here wat deelgeneem het aan die herstelling van alle dinge (L&V 128:21).

**Ragel.** *Sien ook* Jakob, Seun van Isak

In die Ou Testament, ʼn vrou van Jakob (Gén. 29–31; 35). Sy was ook die moeder van Josef en Benjamin.

**Rameümptom**

In die Boek van Mormon, ʼn hoë plek waarop die Zoramiete, afvallige Nefiete, gebid het (Alma 31:8–14, 21).

**Rebekka.** *Sien ook* Isak

Die vrou van Isak, ʼn patriarg in die Ou Testament (Gén. 24–27). Rebekka was die moeder van Esau en Jakob (Gén. 25:23–26).

**Rebellie.** *Sien ook* Afval; Duiwel; Murmureer; Sonde

Om die Here te tart of te weerstaan, insluitende om te weier om sy gekose leiers te volg en moedswillig ongehoorsaam te wees aan sy gebooie.

Wees net nie opstandig teen die Here nie, **Núm.** 14:9. Die wederstrewige soek net onheil, **Spr.** 17:11. Wee die opstandige kinders, **Jes.** 30:1.

Die Here verlos nie diesulkes wat teen Hom rebelleer en sterwe in hulle sondes nie, **Mosia** 15:26. Die Amlikiete het in openlike rebellie uitgekom teen God, **Alma** 3:18–19.

Die rebelsgesindes sal deursteek word met veel droefheid, **L&V** 1:3. Die Here se toorn is ontstoke teen die rebelsgesindes, **L&V** 56:1 (L&V 63:1–6).

Satan het teen God gerebelleer, **Moses** 4:3.

**Reënboog.** *Sien ook* Ark; Noag, Bybelse Patriarg; Vloed tydens Noag se Tyd

Die teken of simbool van God se verbond met Noag (Gén. 9:13–17). JSV, Génesis 9:21–25 (Bylae) verduidelik dat die verbond die beloftes insluit dat die aarde nooit weer deur ʼn vloed van water bedek sal word nie, dat die Sion van Henog sal terugkeer, en dat die Here weer sal kom om op die aarde te woon.

**Regering.** *Sien ook* Grondwet

Wanneer Jesus Christus terugkeer, sal Hy ʼn regverdige regering vestig.

Die heerskappy is op sy skouers, **Jes.** 9:5 (2 Ne. 19:6).

Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, **Matt.** 22:21 (L&V 63:26). Onderwerp julle aan die hoër magte, **Rom.** 13:1. Bid vir konings en almal wat hooggeplaas is, **1 Tim.** 2:1–2. Wees onderdanig aan owerhede en magte en wees gehoorsaam, **Tit.** 3:1. Wees onderdanig aan elke menslike ordinansie ter wille van die Here, **1 Petr.** 2:13–14. Jesus Christus sal as koning heers tot in ewigheid, **Openb.** 11:15.

Julle moet regverdige manne hê om jul konings te wees, **Mosia** 23:8. Doen julle sake deur die stem van die volk, **Mosia** 29:26.

Christus sal ons heerser wees as Hy kom, **L&V** 41:4. Hy wat God se wette onderhou, het nie nodig om die

landswette te verbreek nie, **L&V** 58:21. Wanneer die goddelose heers, treur die volk, **L&V** 98:9–10. Regerings word deur God ingestel tot die voordeel van die mens, **L&V** 134:1–5. Die mens is verplig om regerings te steun en te onderhou, **L&V** 134:5.

Ons glo om onderdanig te wees aan konings, presidente, heersers en magistrate, **Gel. Art.** 1:12.

**Regter, Oordeel.** *Sien ook* Jesus Christus—Regter; Oordeel, Die Laaste; Veroordeel, Veroordeling

Om gedrag te beoordeel met betrekking tot die beginsels van die evangelie; om goed van kwaad te onderskei.

Moses het gesit om reg te spreek oor die volk, **Ex.** 18:13. Met geregtigheid moet jy oor jou naaste oordeel, **Lev.** 19:15.

Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie, **Matt.** 7:1 (JSV, Matt. 7:1–2; Lk. 6:37; 3 Ne. 14:1). Almal wat onder die wet gesondig het, sal deur die wet geoordeel word, **Rom.** 2:12. Die Heiliges sal die wêreld oordeel, **1 Kor.** 6:2–3.

Die Seun van die ewige God is deur die wêreld veroordeel, **1 Ne.** 11:32. Die Twaalf Apostels van die Lam sal die twaalf stamme van Israel oordeel, **1 Ne.** 12:9 (L&V 29:12). Die dood, hel, die duiwel, en alles wat daardeur gegryp is, moet geoordeel word, **2 Ne.** 28:23 (1 Ne. 15:33). As julle die man oordeel wat sy smeekbede tot julle rig vir julle besittings, hoeveel regverdiger sal julle veroordeling wees omdat julle jul besittings weerhou, **Mosia** 4:22. Mense sal geoordeel word volgens hulle werke, **Alma** 41:3. Oordeel regverdiglik, en jy sal weer geregtigheid aan jou herstel hê, **Alma** 41:14. Uit die boeke wat geskryf sal word, sal die wêreld geoordeel word, **3 Ne.** 27:23–26 (Openb. 20:12). Die oorblywendes van hierdie volk sal deur die twaalf wat Jesus in hierdie land gekies het, geoordeel word, **Morm.** 3:18–20. Mormon het die manier verduidelik om goed van kwaad te onderskei, **Moro.** 7:14–18.

Plaas jou vertroue in daardie Gees wat lei om regverdig te oordeel, **L&V** 11:12. Julle behoort in julle harte te sê—laat God oordeel tussen my en jou, **L&V** 64:11. Die Here se Kerk sal die nasies oordeel, **L&V** 64:37–38. Die Seun het die geeste in die gevangenis besoek sodat hulle geoordeel mag word volgens mense in die vlees, **L&V** 76:73 (1 Petr. 4:6). ’n Biskop sal ’n algemene regter wees, **L&V** 107:72–74. Die Here sal alle mense oordeel volgens hulle werke, volgens die begeerte van hulle harte, **L&V** 137:9.

**Regverdigheid, Regverdig.** *Sien ook* Gebooie van God; Integriteit; Onregverdig, Onregverdigheid; Waardig, Waardigheid; Wandel, Wandel met God

Om juis, heilig, kuis, opreg te wees; om gehoorsaamheid te toon aan God se gebooie; om sonde te vermy.

Die Here sal die regverdiges seën, **Ps.** 5:13. Die Here se oë is op die regverdiges, **Ps.** 34:16, 18 (1 Petr. 3:12). As die regverdiges talryk word, is die volk bly, **Spr.** 29:2 (L&V 98:9–10).

Geseënd is die wat honger en dors na geregtigheid, **Matt.** 5:6 (3 Ne. 12:6). Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, **Matt.** 6:33. Die regverdiges sal weggaan in die ewige lewe, **Matt.** 25:46. Die vurige gebed van ’n regverdige het groot krag, **Jak.** 5:16.

Hy wat regverdig is, word deur God begunstig, **1 Ne.** 17:35. Hy sal die regverdiges behou, hulle hoef nie te vrees nie, **1 Ne.** 22:17, 22. Satan het geen mag vanweë die regverdigheid van die Here se volk nie, **1 Ne.** 22:26. As daar geen regverdigheid is nie, is daar geen geluk nie, **2 Ne.** 2:13. Die regverdiges sal die koninkryk van God beërwe, **2 Ne.** 9:18. Die regverdiges vrees nie die woorde van die waarheid nie, **2 Ne.** 9:40. Alle

mense moet verander na 'n toestand van regverdigheid, **Mosia** 27:25–26. Die name van die regverdiges sal geskryf word in die boek van die lewe, **Alma** 5:58. Julle het gesoek na geluk deur goddelooshede te doen, wat teenstrydig is met die natuur van regverdigheid, **Hel.** 13:38.

Die lied van die regverdige is 'n gebed tot My, **L&V** 25:12. Staan terwyl julle die borsplaat van die geregtigheid dra, **L&V** 27:16 (Efés. 6:14). Die dood van die regverdiges sal vir hulle soet wees, **L&V** 42:46. Die regverdiges sal ingesamel word uit al die volkere, **L&V** 45:71. Mense moet baie regverdigheid tot stand bring uit eie vrye wil, **L&V** 58:27. Hy wat die werke van regverdigheid doen, sal vrede in die wêreld ontvang en die ewige lewe in die toekomstige wêreld, **L&V** 59:23. Tydens die Tweede Koms sal daar 'n algehele skeiding wees van die regverdiges en die bose, **L&V** 63:54. Die magte van die hemel kan slegs deur die beginsels van regverdigheid beheer word, **L&V** 121:36. Onder die regverdiges was daar vrede, **L&V** 138:22.

Die volk van Sion het in regverdigheid gewoon, **Moses** 7:18. Abraham was 'n volgeling van regverdigheid, **Abr.** 1:2.

**Regverdigmaking, Regverdig.** *Sien ook* Heiligmaking; Versoen, Versoening

Om kwytgeskeld te word van die straf vir sonde en sonder sonde verklaar te word. 'n Persoon is geregverdig deur die Saligmaker se genade deur geloof in Hom. Hierdie geloof word getoon deur bekering en gehoorsaamheid aan die wette en ordinansies van die evangelie. Jesus Christus se Versoening stel die mens in staat om te bekeer en geregverdig of kwytgeskeld te word van straf wat hulle andersins sou ontvang.

In die Here sal die hele Israel geregverdig word, **Jes.** 45:25.

Nie die hoorders nie maar die daders van die wet sal geregverdig word, **Rom.** 2:13. Die mens is geregverdig deur die bloed van Christus, **Rom.** 5:1–2, 9. Julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus, **1 Kor.** 6:11. Sodat ons geregverdig deur sy genade, erfgename kan word, **Tit.** 3:7. Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig nie, **Jak.** 2:21. Deur werke word 'n mens geregverdig, en nie net deur geloof nie, **Jak.** 2:14–26.

Deur die wet word geen vlees geregverdig nie, **2 Ne.** 2:5. My regverdige dienskneg sal baie regverdig maak, want Hy sal hulle goddelooshede dra, **Mosia** 14:11 (Jes. 53:11). Kan julle sê dat julle gewade gereinig is deur Christus, **Alma** 5:27.

Regverdigmaking deur die genade van Jesus Christus is waar, **L&V** 20:30–31 (L&V 88:39).

Deur die Gees word julle geregverdig, **Moses** 6:60.

**Rehábeam.** *Sien ook* Salomo

In die Ou Testament, die seun van Koning Salomo. Hy het sy vader opgevolg en het vir sewentien jaar in Jerusalem geheers (1 Kon. 11:43; 14:21, 31). Gedurende Rehábeam se heerskappy is die koninkryk verdeel in die koninkryk van Israel in die noorde en die koninkryk van Juda in die suide (1 Kon. 11:31–36; 12:19–20). Rehábeam het oor die koninkryk van Juda geheers.

**Réhuel.** *Sien* Jetro

**Rein en Onrein.** *Sien ook* Suiwer, Suiwerheid; Vieslik, Vieslikheid; Wet van Moses

In die Ou Testament het die Here aan Moses en die Israeliete van die voortyd geopenbaar dat slegs sekere voedsels as suiwer beskou is, of met ander woorde, geskik om geëet te word. Die onderskeid wat die Israeliete gemaak het tussen rein en onrein voedsels het 'n groot invloed op hulle godsdienstige en

sosiale lewe gehad. Sekere diere, voëls, en visse is as rein beskou en aanvaarbaar om te eet, terwyl ander onrein en verbode was (Lev. 11; Deut. 14:3–20). Sommige siek persone is ook as onrein beskou.

In ′n geestelike sin, is dit om skoon te wees, om vry te wees van sonde en sondige begeertes. In hierdie sin word die woord gebruik om ′n persoon te beskryf wat rein is en ′n suiwer hart het (Ps. 24:4). God se verbondsvolk het altyd spesiale opdragte gehad om rein te wees (3 Ne. 20:41; L&V 38:42; 133:5).

Hy wat rein hande en ′n suiwer hart het sal klim op die berg van die Here, **Ps.** 24:3–5.

Moenie enige man onheilig of onrein noem nie, **Hand.** 10:11–28.

Kan julle opkyk na God op daardie dag met ′n suiwer hart en rein hande, **Alma** 5:19.

Die Here sal Sion tugtig totdat sy rein is, **L&V** 90:36. Wees julle rein wat die voorwerpe dra van die Here, **L&V** 133:4–5, 14 (Jes. 52:11).

**Rentmeester, Rentmeesterskap.**
*Sien ook* Roep, Geroepe van God, Roeping

′n Persoon wat omsien na die aangeleenthede of besittings van ′n ander. Dit waarna ′n rentmeester omsien, word rentmeesterskap genoem. Alle dinge op aarde behoort aan die Here; ons is sy rentmeesters. Ons is verantwoordelik teenoor die Here, maar ons mag verslag gee oor ons rentmeesterskap aan God se gevolmagtigde verteenwoordigers. Wanneer ons ′n roeping tot diens ontvang van die Here of van sy gevolmagtigde diensknegte, mag daardie rentmeesterskap beide geestelik en stoflike sake insluit (L&V 29:34).

Oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel, **Matt.** 25:14–23. Elkeen aan wie veel gegee is, van hom sal veel gevorder word, **Lk.** 12:48 (L&V 82:3). Jesus het die gelykenis van die onregverdige bestuurder gegee, **Lk.** 16:1–8.

Elkeen wat ′n getroue rentmeester bevind word, sal in die vreugde van sy Here ingaan, **L&V** 51:19. Elkeen moet rekenskap gee van sy rentmeesterskap, **L&V** 72:3–5. Hy wat ′n getroue en wyse rentmeester is, sal alle dinge beërwe, **L&V** 78:22. Die Here sal elke mens toerekenbaar maak as ′n rentmeester oor aardse seëninge, **L&V** 104:11–17 (L&V 42:32). Wees getrou dat jy ′n wyse rentmeester mag wees, **L&V** 136:27.

**Rigdon, Sidney**

′n Vroeë bekeerling en leier in die herstelde Kerk in die 1830′s en vroeë 1840′s. Sidney Rigdon het vir ′n tyd lank gedien as Eerste Raadgewer vir Joseph Smith in die Eerste Presidensie van die Kerk (L&V 35; 58:50, 57; 63:55–56; 76:11–12, 19–23; 90:6; 93:44; 100:9–11; 124:126). Hy het later weggeval en is in September 1844 geëkskommunikeer.

**Rigters, Boek van**

′n Boek in die Ou Testament. Die boek Rigters handel oor die Israeliete vanaf die dood van Josua tot die geboorte van Samuel.

Hoofstukke 1–3 is ′n inleiding tot die hele boek van Rigters. Hulle verduidelik dat omdat die Israeliete nie hul vyande uitgedryf het nie (Rigt. 1:16–35), moet die Israeliete die gevolge ly: verlies van geloof, huwelike met niegelowiges en afgodery. Hoofstukke 4–5 vertel van die ervarings van Debora en Barak wat Israel van die Kanaäniete verlos het. Hoofstukke 6–8 is die geloofversterkende ervarings van Gídeon, wat deur die Here geseën is om die Israeliete te verlos van die Midianiete. In hoofstukke 9–12 dien verskeie manne as rigters in Israel, gedurende die tyd wat meeste van die Israeliete in afvalligheid verkeer het en deur vreemde

heersers regeer is. Hoofstukke 13–16 vertel van die opkoms en val van die laaste rigter, Simson. Die finale hoofstukke, 17–21, kan beskryf word as ʼn byvoegsel wat die dieptes van Israel se sondes openbaar.

**Roem, Grootpraat.** *Sien* Hoogmoed

**Roep, Geroepe van God, Roeping.** *Sien ook* Gesag; Kies, Gekies, Gekose; Ordineer, Ordinering; Rentmeester, Rentmeesterskap; Verkorene

Om deur God geroepe te word is om ʼn aanstelling of ʼn uitnodiging te ontvang van Hom of sy behoorlik gemagtigde Kerkleiers om Hom te dien op ʼn besondere wyse.

Hy het sy hande op hom gelê en hom ʼn opdrag gegee, **Núm.** 27:23. Ek het jou ʼn profeet gemaak, **Jer.** 1:5.

Ek het julle gekies en julle aangestel, **Joh.** 15:16. Paulus was ʼn geroepe Apostel, **Rom.** 1:1. Niemand neem die waardigheid vir homself nie, maar hy wat deur God geroep is, **Hebr.** 5:4. Jesus is deur God geroep volgens die orde van Melgisédek, **Hebr.** 5:10.

Ek is geroep om die woord van God te preek, volgens die gees van openbaring en profesie, **Alma** 8:24. Priesters is geroep en voorberei vanaf die grondlegging van die wêreld, **Alma** 13:3.

As julle begeertes het om God te dien, is julle geroepe, **L&V** 4:3. Wees standvastig in die werk waartoe ek julle geroep het, **L&V** 9:14. Jy hoef nie te veronderstel dat jy geroep is om te preek totdat jy geroep is nie, **L&V** 11:15. Ouderlinge word geroep om die insameling van die uitverkorenes teweeg te bring, **L&V** 29:7. Niemand sal my evangelie verkondig of my Kerk opbou tensy hy geordineer is, **L&V** 42:11. Baie word geroep, maar min gekies, **L&V** 121:34.

Die mens moet deur God geroep word, **Gel. Art.** 1:5.

**Roeping en Verkiesing.** *Sien ook* Verkiesing

Regverdige volgelinge van Christus kan gereken word onder die uitverkorenes wat die bevestiging verkry van verheffing. Hierdie roeping en verkiesing begin met bekering en die doop. Dit word voltooi wanneer hulle "vorentoe beur en [hulle] verlustig in die woord van Christus en volhard tot die einde toe" (2 Ne. 31:19–20). Die skrifture noem hierdie proses die bevestiging van ons roeping en verkiesing (2 Petr. 1:4–11; L&V 131:5–6).

Julle sal vir My ʼn koninkryk van priesters wees, **Ex.** 19:5–6 (Openb. 1:6).

God het vanaf die begin die uitverkorenes gekies vir heil, **2 Thes.** 2:13. Beywer julle om julle roeping en verkiesing te bevestig, **2 Petr.** 1:10.

Die Here mag julle syne verseël, **Mosia** 5:15. Ek sluit ʼn verbond met jou dat jy die ewige lewe sal hê, **Mosia** 26:20.

Getroue priesterskapdraers word die kerk en koninkryk en die uitverkorenes van God, **L&V** 84:33–34. Die vaste woord van profesie beteken om te weet dat ʼn mens verseël is tot die ewige lewe, **L&V** 131:5–6. Ek verseël jou verheffing aan jou, **L&V** 132:49.

**Rome.** *Sien ook* Romeinse Ryk

In die Nuwe Testament, die hoofstad van die Romeinse Ryk, geleë aan die Tiberrivier in Italië (Hand. 18:2; 19:21; 23:11). Paulus het die evangelie in Rome verkondig toe hy ʼn gevangene was van die Romeinse regering (Hand. 28:14–31; Rom. 1:7, 15–16).

**Romeine, Sendbrief aan die.** *Sien ook* Paulus; Sendbriewe van Paulus

In die Nuwe Testament, ʼn brief wat Paulus aan die Heiliges in Rome geskryf het. Hy het ʼn besoek aan Jerusalem oorweeg wat sekerlik gevaarlik sou wees. As hy met sy lewe sou ontkom, het hy gehoop om Rome daarna te besoek. Die brief was gedeeltelik

bedoel om die Kerk aldaar voor te berei om hom te ontvang wanneer hy sou kom. Dit mag ook beskou word dat dit ʼn verklaring bevat van sekere leerstellings waaroor daar ʼn geskil was en wat Paulus nou as finaal vasgestel beskou het.

Hoofstuk 1 bevat Paulus se begroeting aan die Romeine. Hoofstuk 2–11 sluit verskeie verklarings in oor die leer van geloof, werke en genade. Hoofstuk 12–16 bevat praktiese leringe oor liefde, plig en heiligheid.

**Romeinse Ryk.** *Sien ook* Rome

Die ryk van antieke Rome. In die apostoliese tyd was die Romeinse Ryk die een groot mag van die wêreld. Dit het alles ingesluit tussen die Eufraat, die Donau, die Ryn, die Atlantiese Oseaan en die Saharawoestyn. Palestina het ʼn ondergeskikte staat geword in 63 v.C., toe Pompejus Jerusalem ingeneem het. Alhoewel die Romeine vele voorregte aan die Jode gegun het, het die Jode die Romeinse heerskappy gehaat en was voortdurend rebels.

Paulus, ʼn Romeinse burger, het Grieks gebruik, die taal van die ryk wat die meeste gebruik is om die evangelie dwarsdeur die ryk te versprei.

Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, **Matt.** 22:17–22. Paulus het hom beroep op sy regte as ʼn Romeinse burger, **Hand.** 16:37–39 (Hand. 22:25–29).

**Rooi See.** *Sien ook* Moses

Die watermassa tussen Egipte en Arabië. Die twee noordelike baaie vorm die kuslyn van die Sinai skiereiland. Die Here het die Rooi See wonderbaarlik verdeel sodat die Israeliete onder Moses se leierskap kon deurloop op droë grond (Ex. 14:13–31; Hebr. 11:29). Die skeiding van die see deur Moses word deur openbarings in die laaste dae bevestig (1 Ne. 4:2; Hel. 8:11; L&V 8:3; Moses 1:25).

**Rots.** *Sien ook* Evangelie; Jesus Christus; Openbaring

Figuurlik is dit Jesus Christus en sy evangelie wat ʼn sterk fondament en ondersteuning is (L&V 11:24; 33:12–13). *Rots* kan ook verwys na openbaring waardeur God sy evangelie bekendmaak aan die mens (Matt. 16:15–18).

Hy is die Rots, sy werk is volmaak, **Deut.** 32:4. Die Here is my rots; op Hom sal ek vertrou, **2 Sam.** 22:2–3. ʼn Klip het losgeraak sonder toedoen van mensehande, **Dan.** 2:34–35.

Sy fondament was op die rots, **Matt.** 7:25 (3 Ne. 14:25). Jesus Christus is die steen wat deur julle verag is, **Hand.** 4:10–11. Daardie rots was Christus, **1 Kor.** 10:1–4 (Ex. 17:6).

Hy wat op die rots gebou is, ontvang die waarheid met blydskap, **2 Ne.** 28:28. Die Jode sal die steen [Christus] verwerp waarop hulle kan bou, **Jakob** 4:15–17. Dit is op die rots van ons Verlosser wat ons ons fondament moet bou, **Hel.** 5:12. Wie op Christus se leringe bou, bou op sy rots en sal nie val as die storms kom nie, **3 Ne.** 11:39–40 (Matt. 7:24–27; 3 Ne. 18:12–13). ʼn Wyse man het sy huis op ʼn rots gebou, **3 Ne.** 14:24.

As julle op my rots gebou is, kan die aarde en hel nie die oorhand kry nie, **L&V** 6:34. Hy wat op hierdie rots bou, sal nooit val nie, **L&V** 50:44.

Ek is Messias, die Koning van Sion, die Rots van die Hemel, **Moses** 7:53.

**Ruben.** *Sien ook* Israel; Jakob, Seun van Isak

In die Ou Testament, die oudste seun van Jakob en Lea (Gén. 29:32; 37:21–22, 29; 42:22, 37). Hoewel Ruben die eersgeborene was, het hy sy geboortereg verloor as gevolg van sonde (Gén. 35:22; 49:3–4).

*Die stam van Ruben:* Jakob se seën aan Ruben word in Génesis 49:3 en Deuteronómium 33:6 gevind. Die stam se getalle het stelselmatig verminder en

hoewel die stam aangehou het om te bestaan, het dit polities minder belangrik geword. Ruben se geboortereg het na Josef en sy seuns gegaan omdat Josef die eersgebore seun van Jakob se tweede vrou, Ragel, was (1 Kron. 5:1–2).

**Rus.** *Sien ook* Sabbatdag; Vrede

Die genieting van vrede en vryheid van bekommernis en verontrusting. Die Here het so ʼn rus belowe aan sy getroue volgelinge gedurende hierdie lewe. Hy het ook ʼn plek van rus vir hulle voorberei in die volgende lewe.

Moet Ek self meegaan om jou die rusplek te verskaf, **Ex.** 33:14.

Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee, **Matt.** 11:28–29.

Ons het gearbei dat hulle sy rus mag binnegaan, **Jakob** 1:7 (Hebr. 4:1–11). Wie ook al bekeer, sal my rus binnegaan, **Alma** 12:34. Daar was uitermate baie wat rein gemaak is en die rus van die Here binnegegaan het, **Alma** 13:12–16. Die paradys is ʼn toestand van rus, **Alma** 40:12 (Alma 60:13). Niks kan sy rus binnegaan nie behalwe as dit diegene is wat hulle klere in my bloed gewas het, **3 Ne.** 27:19.

Verkondig bekering aan hierdie mense, dat jy met hulle mag rus in die koninkryk van my Vader, **L&V** 15:6 (L&V 16:6). Diegene wat sterf sal rus van al hulle arbeid, **L&V** 59:2 (Openb. 14:13). Die Here se rus is die volheid van sy heerlikheid, **L&V** 84:24.

**Rut.** *Sien ook* Boas

In die Ou Testament, die Moabitiese skoondogter van Naómi en Eliméleg, wat Israeliete was. Na die dood van haar man, het Rut met Naómi se bloedverwant, Boas, getrou. Hulle seun Obed was die voorouer van Dawid en Christus. Die verhaal van Rut beskryf pragtig die bekering van ʼn nie-Israeliet tot die kudde van Israel. Rut het haar vorige god en haar vorige lewe prysgegee om met die huisgenote van geloof te verenig om die God van Israel te dien (Rut 1:16).

*Die boek van Rut:* Hoofstuk 1 beskryf die lewe van Eliméleg en sy gesin in Moab. Na die dood van hulle mans het Naómi en Rut na Betlehem gegaan. Hoofstuk 2 verduidelik dat Rut op die lande van Boas are opgetel het. Hoofstuk 3 vertel hoedat Naómi vir Rut opgedra het om na die dorsvloer te gaan en by die voete van Boas te lê. Hoofstuk 4 is die verhaal van Rut se huwelik met Boas. Hulle het ʼn seun gehad, Obed, deur wie se stamlyn Dawid en Christus gebore is.

**Rykdom.** *Sien ook* Geld; Hoogmoed

Weelde of oorvloed. Die Here raai die Heiliges aan om nie na wêreldse rykdom te streef nie, behalwe om goed te doen. Die Heiliges moet nie die soeke na wêreldse rykdom stel voor die soeke na die koninkryk van God nie, wat die rykdomme van die ewigheid inhou (Jakob 2:18–19).

As jou rykdom toeneem, sit daar die hart nie op nie, **Ps.** 62:11. Goed bring geen voordeel op die dag van die grimmigheid nie, **Spr.** 11:4. Wie op sy rykdom vertrou, dié sal val, **Spr.** 11:28. ʼn Naam is verkiesliker as groot rykdom, **Spr.** 22:1.

Hoe beswaarlik sal hulle wat goed besit, in die koninkryk van God ingaan, **Mark.** 10:23 (Lk. 18:24–25). Die geldgierigheid is ʼn wortel van alle euwels, **1 Tim.** 6:10.

Wee die rykes wat die armes verag, en hulle harte is op hul skatte, **2 Ne.** 9:30. Die regverdiges het nie hulle harte op rykdomme gerig nie, maar was vrygewig teenoor almal, **Alma** 1:30. Die volk het begin hoogmoedig word vanweë hulle uitnemende rykdom, **Alma** 4:6–8. Die volk was deur klasse onderskei, volgens hulle rykdomme, **3 Ne.** 6:12.

Soek nie na rykdomme nie maar na

wysheid, **L&V** 6:7 (Alma 39:14; L&V 11:7). Die rykdom van die aarde is God s'n om te gee, maar waak teen hoogmoed, **L&V** 38:39.

*Rykdomme van die ewigheid:* Maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, **Matt.** 6:19–21.

Hoe dikwels het Ek julle geroep deur die stem van die rykdomme van die ewige lewe, **L&V** 43:25. Die rykdomme van die ewigheid is myne om te gee, **L&V** 67:2 (L&V 78:18).

**Saailand.** *Sien ook* Wêreld; Wingerd van die Here

In die skrifture, 'n oop landgebied wat aangewend is vir verbouing of weiding. Dit simboliseer dikwels die wêreld en sy mense.

Die saailand is die wêreld, **Matt.** 13:38. Die koninkryk van die hemele is soos 'n skat wat verborge is in die saailand, **Matt.** 13:44.

Ek het 'n groot en uitgestrekte veld gewaar, **1 Ne.** 8:9, 20. Die land was ryp, **Alma** 26:5.

Die land is alreeds wit vir die oes, **L&V** 4:4 (L&V 6:3; 11:3; 12:3; 14:3; 31:4; 33:3, 7). Die land was die wêreld, **L&V** 86:1–2. Ek sal hierdie koninkryke vergelyk met 'n man wat 'n land gehad het, **L&V** 88:51.

**Sabbatdag.** *Sien ook* Rus; Skep, Skepping

'n Heilige dag wat elke week daargestel is vir rus en aanbidding. Nadat God alle dinge geskep het, het Hy op die sewende dag gerus en beveel dat een dag in elke week 'n dag van rus moet wees om mense te help om Hom te onthou (Ex. 20:8–11).

Voor die Opstanding van Christus het die lede van die Kerk die laaste dag van die week as die Sabbat gevier, net soos die Jode. Na die Opstanding het die lede van die Kerk, ongeag of hulle Jode of nie-Jode was, die eerste dag van die week onderhou (die Here se dag) om die Here se Opstanding te onthou. Vandag hou die Kerk aan om een dag elke week te onderhou as 'n heilige Sabbatdag waarop God aanbid word en om te rus van wêreldse arbeid.

Die Sabbat herinner mense aan hulle behoefte aan geestelike voedsel en aan hulle plig om God te gehoorsaam. Wanneer 'n volk nalatig word om die Sabbat te onderhou, word alle aspekte van die lewe beïnvloed en sy godsdienstige lewe word vervalle (Neh. 13:15–18; Jer. 17:21–27).

God het op die sewende dag gerus, **Gén.** 2:1–3. Die kinders van Israel het nie manna op die Sabbat versamel nie, **Ex.** 16:22–30. Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig, **Ex.** 20:8–11 (Mosia 13:16–19). Die sabbat is as 'n teken gegee tussen God en die mens, **Ex.** 31:12–17 (Eség. 20:12, 20). Ons moet nie op die sabbat koop of verkoop nie, **Neh.** 10:31. Noem die sabbat 'n verlustiging, eer die Here en gaan nie jou gewone gang nie, **Jes.** 58:13–14.

Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie, **Mark.** 2:23–28. Die Seun van die mens is Here van die sabbat, **Lk.** 6:1–10. Jesus het in 'n sinagoge geleer en genees op die sabbat, **Lk.** 13:10–14.

Die Nefiete het die sabbatdag heilig gehou, **Jarom** 1:5. Onderhou die sabbatdag, en hou dit heilig, **Mosia** 18:23.

Rig jou wyding op my heilige dag, **L&V** 59:9–13. Die bewoners van Sion moet die sabbatdag onderhou, **L&V** 68:29.

Ek, God, het op die sewende dag van al my werk gerus, **Moses** 3:1–3 (Gén. 2:1–3; Abr. 5:1–3).

**Sadduseërs.** *Sien ook* Jode

'n Klein maar polities magtige groep onder die Jode. Hulle is moontlik meer bekend vir hulle onbuigbare geloof in gehoorsaamheid aan die letter van die

Mosaïese wet, vir die verwerping van die bestaan van geeste en engele en ook die leringe van die Opstanding en die ewige lewe (Mark. 12:18–27; Hand. 4:1–3; 23:7–8).

**Sadrag.** *Sien ook* Daniël

In die Ou Testament was Sadrag, Mesag en Abednégo drie Israelitiese jeugdiges wat saam met Daniël na die paleis van Nebukadnésar, koning van Babilon, gebring is. Sadrag se Hebreeuse naam was Hanánja. Die vier jong manne het geweier om hulleself te verontreinig deur van die koning se voedsel en wyn te gebruik (Dan. 1). Sadrag, Mesag en Abednégo is in ′n vuuroond gegooi deur die koning maar is wonderbaarlik bewaar (Dan. 3).

**Sagaría, Ou Testamentiese Profeet**

′n Ou Testamentiese profeet wat ongeveer 520 v.C. geprofeteer het. Hy het dieselfde tyd geleef as die profeet Haggai (Esra 5:1; 6:14).

*Die boek van Sagaría:* Die boek is bekend vir sy profesieë van Christus se aardse bediening en sy Tweede Koms (Sag. 9:9; 11:12–13; 12:10; 13:6). Hoofstukke 1–8 bevat ′n aantal visioene van die toekoms van God se volk. Hoofstukke 9–14 bevat visioene oor die Messias, die laaste dae, die versameling van Israel, die finale groot oorlog, en die Tweede Koms.

**Sagaría, Vader van Johannes.** *Sien ook* Elisabet; Johannes die Doper

In die Nuwe Testament, die vader van Johannes die Doper. Sagaría het die amp van priester beklee en het in die tempel gedien.

Sagaría is vermoor tussen die tempel en die altaar, **Matt.** 23:35 (Lk. 11:51). Die engel Gabriël het vir Sagaría en sy vrou, Elisabet, ′n seun beloof, **Lk.** 1:5–25 (L&V 27:7). Sy tong het losgeraak, **Lk.** 1:59–79.

**Sagmoedig, Sagmoedigheid.** *Sien ook* Gebroke Hart; Geduld; Nederig, Nederigheid

Godvresend, regverdig, nederig, onderrigbaar, en geduldig onder lyding. Die sagmoediges is gewillig om evangeliese leerstellings na te volg.

Moses was baie sagmoedig, **Núm.** 12:3. Die nederiges sal die aarde besit, **Ps.** 37:11 (Matt. 5:5; 3 Ne. 12:5; L&V 88:17). Soek die Here, o alle nederiges, soek geregtigheid, soek nederigheid, **Sef.** 2:3 (1 Tim. 6:11).

Leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, **Matt.** 11:29. Sagmoedigheid is ′n vrug van die Gees, **Gal.** 5:22–23. ′n Dienskneg van die Here moet vriendelik wees, bekwaam om te onderrig, geduldig en in sagmoedigheid die weerspanninge teregwys, **2 Tim.** 2:24–25. ′n Sagmoedige en stille gees is baie kosbaar voor God, **1 Petr.** 3:4.

Lê die natuurlike mens af en word sagmoedig, **Mosia** 3:19 (Alma 13:27–28). God het Helaman beveel om die volk te leer om sagmoedig te wees, **Alma** 37:33. Die Here se genade is voldoende vir die sagmoediges, **Ether** 12:26. Julle het geloof in Christus vanweë julle sagmoedigheid, **Moro.** 7:39. Niemand is aanneemlik voor God nie behalwe die sagmoediges en nederiges van hart, **Moro.** 7:44. Die vergifnis van sondes bring sagmoedigheid, en vanweë sagmoedigheid kom die besoeking van die Heilige Gees, **Moro.** 8:26.

Wandel in die ootmoed van my Gees, **L&V** 19:23. Regeer jou huis in ootmoed, **L&V** 31:9. Die mag of invloed van die priesterskap kan gehandhaaf word deur lankmoedigheid en sagmoedigheid, **L&V** 121:41.

**Salem.** *Sien ook* Jerusalem; Melgisédek

Die stad in die Ou Testament waar Melgisédek geheers het. Dit was moontlik geleë waar die hedendaagse

Jerusalem is. Die naam *Salem* is baie soos ʼn Hebreeuse woord wat "vrede" beteken.

Melgisédek, koning van Salem, het brood en wyn gebring, **Gén.** 14:18.

Melgisédek, koning van Salem was ʼn priester van die Allerhoogste God, **Hebr.** 7:1–2.

Melgisédek was koning oor die land Salem, **Alma** 13:17–18.

**Salf.** *Sien ook* Olie; Salwing van die Siekes

In die dae van die voortyd het die Here se profete diegene met olie gesalf wat spesiale pligte sou uitvoer, soos Aäron of die priesters of die konings wat oor Israel sou heers. In die Kerk behels salwing vandag om ʼn klein hoeveelheid geheiligde olie op ʼn persoon se hoof te plaas as deel van ʼn spesiale seëning. Dit kan slegs gedoen word met die gesag en mag van die Melgisédekse Priesterskap. Na die salwing mag ʼn persoon met die gesag van daardie priesterskap die salwing seël en ʼn spesiale seëning aan die een wat gesalf is, gee.

Salf hulle en heilig hulle sodat hulle My kan bedien, **Ex.** 28:41 (Lev. 8:6–12, 30). Salf hom as vors oor my volk Israel, **1 Sam.** 9:16; 10:1.

Die ouderlinge moet die siekes salf en seën, **Jak.** 5:14–15 (L&V 42:44).

**Saligheid, Plan van.** *Sien* Plan van Verlossing

**Saligmaker.** *Sien ook* Jesus Christus

Een wat red. Jesus Christus, deur sy Versoening, het redding en heil aan die ganse mensdom gebied. "Saligmaker" is ʼn naam en titel van Jesus Christus.

Die Here is my lig en my heil, **Ps.** 27:1 (Ex. 15:1–2; 2 Sam. 22:2–3). Ek is die Here, en daar is geen Heiland buiten My nie, **Jes.** 43:11 (L&V 76:1).

Noem hom Jesus want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos, **Matt.** 1:21. Vir julle vandag is die Saligmaker gebore wat Christus, die Here, is, **Lk.** 2:11. So lief het God die wêreld gehad dat die Eniggebore seun gekom het om die mense te red, **Joh.** 3:16–17. Daar is geen ander naam, behalwe Christus, waardeur ons gered moet word nie, **Hand.** 4:10–12 (2 Ne. 25:20; Mosia 3:17; 5:8; L&V 18:23; Moses 6:52). Ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag, die Here Jesus Christus, **Filip.** 3:20. Die Vader het die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur, **1 Joh.** 4:14.

Die Here het ʼn Messias opgewek, ʼn Saligmaker van die wêreld, **1 Ne.** 10:4. Die Lam van God is die Saligmaker van die wêreld, **1 Ne.** 13:40. Die kennis van ʼn Saligmaker sal versprei dwarsdeur elke nasie, stam, taal en volk, **Mosia** 3:20. Christus moes sterf sodat heil kon kom, **Hel.** 14:15–16.

Regverdigmaking en heiligmaking deur die Verlosser is juis en waar, **L&V** 20:30–31. Ek is Jesus Christus, die Saligmaker van die wêreld, **L&V** 43:34.

My Eniggeborene is die Saligmaker, **Moses** 1:6. Soveel as wat in die Seun glo en bekeer van hulle sondes, sal gered word, **Moses** 5:15.

**Saligsprekinge.** *Sien ook* Bergpredikasie

ʼn Reeks van leringe wat Jesus gegee het in die Bergpredikasie wat ʼn verfynde en geestelike karakter beskryf (Matt. 5:3–12; Lk. 6:20–23). Die Saligsprekinge is op so ʼn wyse gerangskik dat elke uitspraak op die een bou wat dit voorafgaan. ʼn Meer volledige en akkurate kroniek van die Saligsprekinge word gevind in 3 Ne. 12.

**Salomo.** *Sien ook* Bátseba; Dawid

In die Ou Testament, ʼn seun van Dawid en Bátseba (2 Sam. 12:24). Salomo was koning van Israel vir ʼn tyd lank.

Dawid het Salomo as koning benoem, **1 Kon.** 1:11–53. Dawid het vir

Salomo beveel om in die Here se weë te wandel, **1 Kon.** 2:1–9. Die Here het aan hom ʼn opmerksame hart belowe, **1 Kon.** 3:5–15. Het tussen twee moeders geoordeel en het die kind se regte ma bepaal, **1 Kon.** 3:16–28. Het spreuke en gesange uitgespreek, **1 Kon.** 4:32. Het die tempel gebou, **1 Kon.** 6; 7:13–51. Het die tempel toegewy, **1 Kon.** 8. Is deur die koningin van Skeba besoek, **1 Kon.** 10:1–13. Salomo het buite Israel getrou en sy vroue het sy hart verlei na die aanbidding van valse gode, **1 Kon.** 11:1–8. Die Here was toornig op Salomo, **1 Kon.** 11:9–13. Het gesterf, **1 Kon.** 11:43. Dawid het van die heerlikheid van Salomo se heerskappy geprofeteer, **Ps.** 72.

Salomo het baie vroue en byvroue ontvang, maar sommige is nie van die Here ontvang nie, **L&V** 132:38 (Jakob 2:24).

**Salwing van die Siekes.** *Sien ook* Genees, Genesings; Hande, Oplegging van; Olie; Priesterskap; Salf

ʼn Seëning gegee aan die siekes deur mans wat die Melgisédekse Priesterskap hou, wat die gebruik van gewyde olie insluit.

Lê u hand op haar, **Matt.** 9:18. Jesus het sy hande op ʼn paar siek mense gelê en hulle genees, **Mark.** 6:5. Christus se Apostels het baie mense met olie gesalf wat siek was en hulle genees, **Mark.** 6:13. Die ouderlinge moet die siekes salf en genees, **Jak.** 5:14–15.

Julle sal nie die siekes genees tensy dit van julle gevra word deur hulle wat dit begeer nie, **L&V** 24:13–14. Ouderlinge sal hulle hande lê op die siekes, **L&V** 42:44. Lê julle hande op die siekes, en hulle sal herstel, **L&V** 66:9.

**Sam.** *Sien ook* Lehi, Vader van Nefi

In die Boek van Mormon, die derde seun van Lehi (1 Ne. 2:5). Hy was ʼn opregte en heilige man wat gekies het om die Here te volg (1 Ne. 2:17; 2 Ne. 5:5–6; Alma 3:6).

**Samaría.** *Sien ook* Samaritane

In die Ou Testament, die hoofstad van die noordelike koninkryk van Israel (1 Kon. 16:23–24). Vanweë sy sterk militêre posisie op ʼn heuwel, kon die Assiriërs dit eers in besit neem na ʼn beleg van drie jaar (2 Kon. 17:5–6). Herodes het dit herbou en het dit Sebaste genoem. In Nuwe Testamentiese tye was Samaría die naam van die hele sentrale distrik van Palestina wes van die Jordaan.

**Samaritane.** *Sien ook* Samaría

Die Bybelse volk wat in Samaría gewoon het nadat die noordelike koninkryk van Israel gevange geneem is deur die Assiriërs. Die Samaritane was deels Israeliete en deels nie-Jode. Hulle godsdiens was ʼn mengsel van Joodse en heidense gelowe en gebruike. Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan in Lukas 10:25–37 toon die haat wat die Jode ontwikkel het vir die Samaritane omdat die Samaritane afvallig geword het van die Israelitiese godsdiens. Die Here het die Apostels beveel om die evangelie aan die Samaritane te leer (Hand. 1:6–8). Filippus het die evangelie van Christus suksesvol verkondig aan die volk van Samaría en het baie wonderwerke onder hulle verrig (Hand. 8:5–39).

**Samuel die Lamaniet**

ʼn Lamanitiese profeet in die Boek van Mormon wat deur die Here gestuur is om die Nefiete te leer en te waarsku net voor die Saligmaker se geboorte. Samuel het geprofeteer van tekens wat betrekking het op die geboorte en dood van Jesus Christus en van die vernietiging van die Nefiete (Hel. 13–16).

**Samuel, Ou Testamentiese Profeet**

Samuel, seun van Élkana en Hanna,

is gebore in antwoord op sy moeder se gebed (1 Samuel 1). As ′n kind is hy in Eli, hoëpriester by die Tabernakel van Silo (1 Sam. 2:11; 3:1), se sorg geplaas. Die Here het vir Samuel op ′n jong ouderdom geroep om ′n profeet te word (1 Sam. 3). Na Eli se dood het Samuel die groot profeet en rigter van Israel geword en het wet, orde en gereelde godsdienstige aanbidding in die land herstel (1 Sam. 4:15–18; 7:3–17).

1 Sam. 28:5–20 bevat ′n verslag oor Samuel wat teruggebring is uit die dode deur die heks van En-Dor op Koning Saul se versoek. Dit kon nie ′n visioen van God gewees het nie, omdat ′n heks of ′n ander geestelike medium nie ′n profeet kan beïnvloed om op sy of haar versoek te verskyn nie.

*Die boeke van 1 en 2 Samuel:* In sommige Bybels is die boeke van 1 en 2 Samuel een boek. In andere is hulle twee boeke. Die boeke dek ′n tydperk van ongeveer 130 jaar, vanaf die geboorte van Samuel tot net voor die dood van Koning Dawid.

*Die boek van 1 Samuel:* Hoofstukke 1–3 beskryf dat die Here Eli se gesin vervloek en gestraf het, en vir Samuel as hoëpriester en rigter geroep het. Hoofstukke 4–6 vertel hoe die ark van die verbond in die hande van die Filistyne geval het. Hoofstukke 7–8 teken Samuel se waarskuwings aan oor valse gode en goddelose konings. Hoofstukke 9–15 beskryf Saul se kroning en sy heerskappy as koning. Hoofstukke 16–31 bevat die geskiedenis van Dawid en sy magsverkryging—Samuel het Dawid, wat vir Góliat gedood het, gesalf. Saul het vir Dawid gehaat, maar Dawid het geweier om Saul dood te maak alhoewel hy geleentheid gehad het om dit te doen.

*Die boek van 2 Samuel:* Die boek bevat die besonderhede van die heerskappy van Dawid as koning van Juda en uiteindelik van die hele Israel. Hoofstuk 1–4 handel oor ′n lang stryd tussen die volgelinge van Dawid, nadat hy deur Juda gekroon is, en die volgelinge van Saul. Hoofstuk 5–10 toon hoe Dawid magtig geword het in baie lande. Hoofstuk 11–21 toon die afname van Dawid se geestelike krag as gevolg van sy sondes en die rebellie binne sy eie familie. Hoofstuk 22–24 beskryf Dawid se pogings om hom met die Here te versoen.

**Sanhedrin.** *Sien ook* Jode

Die Joodse senaat en die hoogste Joodse hof in beide siviele en godsdienstige sake. Die Sanhedrin het bestaan uit een en sewentig lede wat gekies is vanuit die hoofpriesters, skrifgeleerdes en oudstes. In die skrifture word dit dikwels die Raad genoem (Matt. 26:59; Mark. 14:55; Hand. 5:34).

**Sara.** *Sien ook* Abraham

In die Ou Testament, die eerste vrou van Abraham. Op haar hoë ouderdom het sy die moeder van Isak geword (Gén. 18:9–15; 21:2).

**Saria.** *Sien ook* Lehi, Vader van Nefi

In die Boek van Mormon, die vrou van Lehi (1 Ne. 5:1–8; 8:14–16; 18:19) en die moeder van Laman, Lemuel, Sam, Nefi, Jakob, Josef en dogters (1 Ne. 2:5; 2 Ne. 5:6).

**Satan.** *Sien* Duiwel

**Saul, Koning van Israel**

In die Ou Testament, die eerste koning van Israel voordat dit verdeel is. Alhoewel hy regverdig was aan die begin van sy heerskappy is hy uiteindelik met hoogmoed vervul en was ongehoorsaam aan God (1 Sam. 9–31).

**Saulus van Tarsus.** *Sien* Paulus

**Sebulon.** *Sien ook* Israel; Jakob, Seun van Isak

In die Ou Testament, ′n seun van Jakob en Lea (Gén. 30:19–20).

*Die stam van Sebulon:* Jakob het die stam van Sebulon geseën (Gén. 49:13). Die stam van Sebulon het aangesluit by Debora en Barak om teen die vyande van Israel te veg (Rigt. 4:4–6, 10). Hulle het ook by Gídeon aangesluit om teen die Midianiete te veg (Rigt. 6:33–35).

**Sedekía.** *Sien ook* Mulek

In die Ou Testament, die laaste koning van Juda (2 Kon. 24:17–20; 25:2–7). Sedekía het vir Jeremia die profeet in die gevangenis gewerp (Jer. 32:1–5), Jeremia het van Sedekía se gevangeneming geprofeteer (Jer. 34:2–8, 21). Lehi en sy gesin het in Jerusalem gewoon gedurende die eerste jaar van die heerskappy van Sedekía (1 Ne. 1:4). Almal behalwe een van die seuns van Sedekía is gedood; sy seun Mulek, het ontsnap na die Westelike Halfrond (Jer. 52:10; Omni 1:15; Hel. 8:21).

**Sedelikheid.** *Sien* Egbreuk; Kuisheid; Ontug; Seksuele Onsedelikheid

**Seën, Geseënd, Seëning.** *Sien ook* Dank, Dankbaar, Danksegging; Genade; Patriargale Seëninge; Salwing van die Siekes; Wet

Om heilige guns aan iemand te verleen. Enigiets wat bydra tot ware geluk, welsyn, of voorspoed is ʼn seëning.

Alle seëninge is gebaseer op ewige wette (L&V 130:20–21). Omdat God wil hê dat sy kinders vreugde mag hê in die lewe (2 Ne. 2:25), gee Hy seëninge aan hulle as gevolg van hulle gehoorsaamheid aan sy gebooie (L&V 82:10), in antwoord op ʼn gebed of priesterskapordinansie (L&V 19:38; 107:65–67), of deur sy genade (2 Ne. 25:23).

ʼn Bekende lys van uitsprake aangaande heil is die Saligsprekinge (Matt. 5:1–12; 3 Ne. 12:1–12).

*Algemeen:* En Ek sal jou ʼn groot nasie maak en jou seën, **Gén.** 12:2–3 (1 Ne. 15:18; Abr. 2:9–11). Seëninge is daar op die hoof van die regverdige, **Spr.** 10:6. ʼn Betroubare man is ryk aan seëninge, **Spr.** 28:20. Die Here sal die vensters van die hemel oopmaak en op julle ʼn oorvloedige seën uitstort, **Mal.** 3:10 (3 Ne. 24:10).

Die Saligsprekinge beloof seëninge, **Matt.** 5:1–12 (3 Ne. 12:1–12). Geseënd is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam, **Openb.** 19:9.

Hy wat regverdig is word deur God begunstig, **1 Ne.** 17:35 (Mosia 10:13). As julle sal ag slaan, laat ek julle ʼn seën, **2 Ne.** 1:28. Ek laat aan julle dieselfde seëning, **2 Ne.** 4:9. Hy seën julle onmiddellik, **Mosia** 2:24. Die Here seën en maak diegene voorspoedig wat hulle vertroue in Hom stel, **Hel.** 12:1.

Help om my gebooie voort te bring, en jy sal geseën word, **L&V** 6:9. Bid altyddeur, en groot sal jou seëning wees, **L&V** 19:38. Word gedoop, en jy sal my Gees ontvang, en ʼn seëning so groot soos jy nog nooit geken het nie, **L&V** 39:10. Na baie verdrukkinge kom die seëninge, **L&V** 58:4. Mense gehoorsaam nie; Ek herroep en hulle ontvang nie die seëning nie, **L&V** 58:32. Julle het nie verstaan hoe groot die seëninge is wat die Vader vir julle berei het nie, **L&V** 78:17. Van die hoëpriesterskap kom die bediening van ordinansies en seëninge aan die kerk, **L&V** 107:65–67. Daar is ʼn wet waarop alle seëninge gebaseer is, **L&V** 130:20. Almal wat uit my hande ʼn seëning wil ontvang, moet die wet gehoorsaam, **L&V** 132:5. Seëninge word voorbehou vir hulle wat die Here liefhet, **L&V** 138:52.

Abraham het getrag om die seëninge van die vaders te verkry en die reg daartoe om dit te bedien, **Abr.** 1:2.

*Seën van kinders:* Hy het sy arms om hulle geslaan, en hulle geseën, **Mark.** 10:16.

Hy het hulle klein kindertjies een vir een geneem, en hulle geseën, **3 Ne.** 17:21.

Ouderlinge moet kinders seën in die naam van Jesus Christus, **L&V** 20:70.

**Sefánja**

ʼn Ou Testamentiese profeet wat geleef het gedurende die heerskappy van Josía (639–608 v.C.).

*Die boek Sefánja:* Hoofstuk 1 praat van ʼn dag wat sal kom wat gevul sal wees met toorn en probleme. Hoofstuk 2 raai die volk van Israel aan om regverdigheid en sagmoedigheid te soek. Hoofstuk 3 vertel van die Tweede Koms, wanneer alle nasies sal verenig om te veg. Die Here sal egter in hulle midde heers.

**Seksuele Onsedelikheid.** *Sien ook* Egbreuk; Ontug; Wellus, Wellustigheid

Doelbewuste deelname aan egbreuk, owerspel, homoseksuele en lesbiese gedrag, bloedskande, of enige ander onheilige, onnatuurlike, of onreine seksuele aktiwiteit.

Laat ons aan ons vader wyn gee om te drink en met hom gemeenskap hou, **Gén.** 19:30–36. Ruben het gegaan en met sy vader se byvrou, Bilha, gemeenskap gehad, **Gén.** 35:22 (Gén. 49:4; 1 Kron. 5:1). Homoseksuele gedrag en ander seksuele perversiteite is ʼn gruwel, **Lev.** 18:22–23. As ʼn man ʼn vrou dwing om by hom te lê, is slegs die man skuldig van sonde, **Deut.** 22:25–27.

Elkeen wat na ʼn vrou kyk om haar te begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg, **Matt.** 5:28 (3 Ne. 12:28). Owerspel, onreinheid, oordrewe liefde is afgodediens, **Kol.** 3:5. In die laaste dae sal die mens sonder natuurlike liefde wees, **2 Tim.** 3:1–3.

Seksuele sonde is ʼn gruwel, **Alma** 39:3–5.

**Selestiale Heerlikheid.** *Sien ook* Ewige Lewe; Grade van Heerlikheid; Verheffing

Die hoogste van die drie grade van heerlikheid wat ʼn persoon kan bereik na hierdie lewe. Hier sal die regverdiges woon in die teenwoordigheid van God die Vader en sy Seun Jesus Christus.

Die heerlikheid van die hemelse is anders as dié van die aardse, **1 Kor.** 15:40 (L&V 76:96). Paulus is weggeruk tot in die derde hemel, **2 Kor.** 12:2.

Selestiale heerlikheid is in ʼn visioen getoon, **L&V** 76:50–70. As die Heiliges ʼn plek begeer in die selestiale wêreld, moet hulle hul voorberei, **L&V** 78:7. Hy wat nie die wet van ʼn selestiale koninkryk kan gehoorsaam nie, kan nie in ʼn selestiale heerlikheid woon nie, **L&V** 88:15–22. In die selestiale heerlikheid is daar drie hemele; voorwaardes word uiteengesit om die hoogste te bereik, **L&V** 131:1–2. Kinders wat sterf voor die ouderdom van toerekenbaarheid word gered in die selestiale koninkryk, **L&V** 137:10.

**Selibaat.** *Sien* Huwelik, Trou

**Sem.** *Sien ook* Noag, Bybelse Patriarg

In die Ou Testament, ʼn regverdige seun van Noag, en volgens oorlewering, die voorvader van die Semitiese volke, insluitende die Arabiere, Hebreërs, Babiloniërs, Arameërs, Fenisiërs en Assiriërs (Gén. 5:29–32; 6:10; 7:13; 9:26; 10:21–32; Moses 8:12). In openbarings van die laaste dae word Sem na verwys as die "groot hoëpriester" (L&V 138:41).

**Sendbriewe van Paulus.** *Sien ook* Paulus; die titels van individuele sendbriewe

Veertien boeke in die Nuwe Testament wat oorspronklike briewe was wat geskryf is deur die Apostel Paulus aan lede van die Kerk. Hulle kan soos volg in groepe verdeel word:

*1 en 2 Thessalonícense (50–51 n.C.)*

Paulus het vanuit Korinte die sendbriewe aan die Thessaloniërs geskryf gedurende sy tweede sendingreis. Sy werk in Thessaloníka word beskryf

in Handelinge 17. Hy wou na Thessaloníka terugkeer, maar was nie daartoe in staat gewees nie (1 Thes. 2:18). Hy het daarom vir Timótheüs gestuur om die bekeerlinge op te beur en om aan hom verslag te lewer oor hoe hulle gevorder het. Die eerste sendbrief is die resultaat van sy dankbaarheid oor Timótheüs se terugkeer. Die tweede sendbrief is ’n kort tydjie daarna geskryf.

*1 en 2 Korinthiërs, Galásiërs, Romeine (55–57 n.C.)*

Paulus het die sendbriewe aan die Korinthiërs geskryf gedurende sy derde sendingreis om vrae te beantwoord en om wanorde reg te stel onder die Heiliges in Korinte.

Die sendbrief aan die Galásiërs is moontlik aan *baie* Kerkeenhede geskryf dwarsdeur Galasië. Sommige lede van die Kerk was besig om die evangelie te versaak ten gunste van die Joodse wet. In hierdie brief het Paulus die doel van die wet van Moses en die waarde van ’n geestelike godsdiens verduidelik.

Paulus het die sendbrief aan die Romeine geskryf vanaf Korinte, gedeeltelik om die Romeinse Heiliges voor te berei vir ’n besoek wat hy gehoop het om aan hulle te bring. Hierdie brief herbevestig ook die leerstellings wat deur sommige Jode betwis is wat tot die Christendom bekeer het.

*Filippense, Kolossense, Efésiërs, Filémon, Hebreërs (60–62 n.C.)*

Paulus het hierdie sendbriewe geskryf terwyl hy die eerste keer in Rome in die gevangenis was.

Paulus het die sendbrief aan die Filippense geskryf hoofsaaklik om sy dankbaarheid en toegeneentheid aan die Heiliges in Filíppi te toon en om hulle op te beur weens die teleurstelling van sy lang slawerny.

Paulus het die sendbrief aan die Kolossense geskryf as gevolg van ’n berig dat die Heiliges in Kolossense besig was om ernstig af te dwaal. Hulle het geglo dat volmaaktheid net deur noulettende nakoming van uiterlike ordinansies kom in plaas van die ontwikkeling van Christelike eienskappe.

Die Sendbrief aan die Efésiërs is van groot belang want dit bevat Paulus se leringe aangaande die Kerk van Christus.

Die brief aan Filémon is ’n persoonlike brief oor Onésimus, ’n slaaf wat sy meester, Filémon, beroof het en na Rome weggeloop het. Paulus het vir Onésimus teruggestuur na sy meester met die brief met die versoek dat Onésimus vergewe moes word.

Paulus het die sendbrief aan die Hebreërs aan Joodse lede van die Kerk geskryf om hulle te oorreed dat die wet van Moses vervul is in Christus en dat die evangeliese wet van Christus dit vervang het.

*1 en 2 Timótheüs, Titus (64–65 n.C.)*

Paulus het hierdie sendbriewe geskryf nadat hy die eerste keer vrygelaat is uit die gevangenis in Rome.

Paulus het na Éfese gereis waar hy vir Timótheüs agtergelaat het om die ontwikkeling van sommige vorme van spekulasie stop te sit, met die bedoeling om later terug te keer. Hy het sy eerste sendbrief aan Timótheüs geskryf, miskien vanuit Macedónië, om hom raad te gee en aan te moedig om sy plig te vervul.

Paulus het die sendbrief aan Titus geskryf gedurende ’n tydperk waarin hy nie in die gevangenis was nie. Hy het moontlik Kreta besoek waar Titus gedien het. Die brief handel hoofsaaklik oor ’n regverdige leefwyse en dissipline binne die Kerk.

Paulus het sy tweede sendbrief aan Timótheüs geskryf terwyl hy vir die tweede keer in die gevangenis was, kort voor Paulus se marteling. Hierdie sendbrief bevat Paulus se laaste woorde en toon die wonderlike moed en vertroue waarmee hy die dood tegemoet gegaan het.

**Sendingwerk.** *Sien ook* Evangelie; Preek

Om die evangelie van Jesus Christus mee te deel deur woord en deur voorbeeld.

Hoe lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring, **Jes.** 52:7. Ek sal na my skape vra en vir hulle sorg, **Eség.** 34:11.

Verkondig die evangelie aan die ganse mensdom, **Mark.** 16:15 (Morm. 9:22). Aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes, **Joh.** 4:35. En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie, **Rom.** 10:15.

Leer hulle die woord van God met alle ywer, **Jakob** 1:19. Die Here gun aan alle nasies om sy woord te onderrig, **Alma** 29:8.

Die evangelie mag verkondig word deur die swakkes en die eenvoudiges, **L&V** 1:23. ′n Wonderbare werk is aan die kom, **L&V** 4:1. As jy al jou dae arbei en een siel na My bring, hoe groot sal jou vreugde wees, **L&V** 18:15. My uitverkorenes hoor my stem, en verhard nie hulle harte nie, **L&V** 29:7. Gaan uit en verkondig my evangelie, twee-twee, **L&V** 42:6. Die geluid moet uitgaan vanaf hierdie plek, **L&V** 58:64. Open julle monde om my evangelie te verkondig, **L&V** 71:1. Verkondig waarheid volgens die openbaringe en gebooie, **L&V** 75:4. Elke mens wat gewaarsku is moet sy naaste waarsku, **L&V** 88:81 (L&V 38:40–41). Die Here sal vir die gesinne van diegene wat die evangelie verkondig, voorsien, **L&V** 118:3. Die diensknegte van God sal uitgaan, **L&V** 133:38. Getroue ouderlinge, wanneer hulle hierdie lewe verlaat, gaan voort met hulle arbeid, **L&V** 138:57.

**Serubbábel**

In die Ou Testament toe Kores aan die Jode toestemming gegee het om na Palestina terug te keer, is Serubbábel as goewerneur of verteenwoordiger van die Joodse koninklike huis aangestel. Sy Persiese naam was Sésbassar (Esra 1:8). Hy was betrokke by die herbou van die tempel in Jerusalem (Esra 3:2, 8; 5:2).

**Set.** *Sien ook* Adam

In die Ou Testament, ′n regverdige seun van Adam en Eva.

Set was ′n volmaakte man, en sy gelykenis was die uitdruklike gelykenis van sy vader, **L&V** 107:42–43 (Gén. 5:3). Set was onder die magtiges in die geesteswêreld, **L&V** 138:40.

God het homself geopenbaar aan Set, **Moses** 6:1–3, 8–14.

**Seun van die Mens.** *Sien ook* God, Godheid; Jesus Christus

′n Titel wat Jesus Christus gebruik het wanneer Hy van Homself gepraat het (Lk. 9:22; Lk. 21:36). Dit het beteken die Seun van die Man van Heiligheid. Man van Heiligheid is een van die name van God die Vader. Toe Jesus Homself die Seun van die Mens genoem het, was dit ′n ope verklaring van sy goddelike verhouding met die Vader. Hierdie titel word dikwels gevind in die Evangelies. Openbarings van die laaste dae ondersteun dié besondere betekenis en heiligheid van hierdie naam van die Saligmaker (L&V 45:39; 49:6, 22; 58:65; Moses 6:57).

**Seun van God.** *Sien* God, Godheid; Jesus Christus

**Seuns en Dogters van God.** *Sien ook* Kinders van Christus; Mens die, Mense; Versoen, Versoening; Verwek; Wedergebore, Gebore uit God

Die skrifture gebruik hierdie terme op twee maniere. In een sin is ons almal letterlike geesteskinders van ons Hemelse Vader. In ′n ander sin is God se seuns en dogters diegene wat weer gebore is deur die Versoening van Christus.

*Geesteskinders van die Vader:* Julle is

gode, seuns van die Allerhoogste, **Ps.** 82:6.

Ons is die geslag van God, **Hand.** 17:29. Ons moet veel meer aan die Vader van die geeste onderworpe wees, **Hebr.** 12:9.

Ek is ′n seun van God, **Moses** 1:13.

*Kinders wedergebore deur die Versoening:* Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, **Joh.** 1:12 (Rom. 8:14; 3 Ne. 9:17; L&V 11:30). Nou is ons kinders van God, **1 Joh.** 3:1–2.

Julle sal die kinders van Christus genoem word, sy seuns en sy dogters, **Mosia** 5:7. Alle mense moet weer gebore word, en sy seuns en dogters word, **Mosia** 27:25. Hulle sal my seuns en my dogters word, **Ether** 3:14. Jy sal sekerlik ′n kind van Christus word, **Moro.** 7:19.

Al diegene wat my evangelie ontvang is seuns en dogters, **L&V** 25:1. Hulle is gode, en wel die seuns van God, **L&V** 76:58.

So kan almal my seuns word, **Moses** 6:68. Baie het geglo en die seuns van God geword, **Moses** 7:1.

**Seuns van die Verderf.** *Sien ook* Dood, Geestelike; Duiwel; Hel; Onvergeeflike Sonde; Verdoemenis

Die volgelinge van Satan wat saam met hom in die ewigheid sal ly. Seuns van die verderf sluit in (1) diegene wat Satan gevolg het gedurende hul voorsardse bestaan en uit die hemel gewerp is as gevolg van rebellie en (2) diegene wat toegelaat is om gebore te word in hierdie wêreld met fisiese liggame maar daarna Satan gedien het en geheel en al teen God gedraai het. Diegene in hierdie tweede groep sal opstaan uit die dode maar sal nie verlos word van die tweede (geestelike) dood nie en kan nie in ′n koninkryk van heerlikheid woon nie (L&V 88:32, 35).

Nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, **Joh.** 17:12. Dit is onmoontlik om hulle weer tot bekering te vernuwe, **Hebr.** 6:4–6 (Hebr. 10:26–29).

Barmhartigheid het geen aanspraak op daardie man nie; daarom is sy uiteindelike lot om nimmereindigende pyniging te verduur, **Mosia** 2:36–39. Daarom is hy asof daar geen verlossing teweeggebring is nie, **Mosia** 16:5. Diegene wat Christus se wonderwerke loën om wins te verkry, sal word soos die seun van die verderf, **3 Ne.** 29:7.

Hulle sal geen vergifnis in hierdie wêreld of die volgende ontvang nie, **L&V** 76:30–34 (L&V 84:41; 132:27). Hulle is die enigstes wat nie verlos sal word van die tweede dood nie, **L&V** 76:34–48. Seuns van die verderf loën die Heilige Gees nadat hulle dit ontvang het, **L&V** 76:35. Seuns van die verderf loën die Seun nadat die Vader hom geopenbaar het, **L&V** 76:43.

Kain sal Verderf genoem word, **Moses** 5:22–26.

**Seuns van Helaman.** *Sien* Helaman, Seuns van

**Seuns van Mosia.** *Sien* Mosia, Seuns van

**Sewentig.** *Sien ook* Apostel; Melgisédekse Priesterskap

′n Amp waartoe mans geordineer word in die Melgisédekse Priesterskap. Vandag sluit die kworums van Sewentigs Algemene Gesagdraers en Area Sewentigs in. Die Sewentigs dien in die Naam van die Here onder die leiding van die Eerste Presidensie en die Kworum van die Twaalf Apostels (sien L&V 107:34). Hulle wy hulleself voltyds aan die bediening toe.

Die Here het ander sewentig aangestel, **Lk.** 10:1.

Die Sewentig is geroep om die evangelie te preek en om besondere getuies van Jesus Christus te wees, **L&V** 107:25–26. Die Sewentig tree op in die naam van die Here, onder leiding van

die Twaalf, deur die Kerk op te bou en deur al die aangeleenthede daarvan onder alle nasies te reël, **L&V** 107:34. Kies ander sewentig, tot sewentig maal sewe, as die arbeid dit vereis, **L&V** 107:93–97. Die kworum van sewentig is ingestel vir reisende ouderlinge om te getuig van my Naam in die hele wêreld, **L&V** 124:138–139.

**Siek, Siekte**

Om ʼn siekte of ʼn kwaal te hê. In die skrifture dien fisiese siekte somtyds as ʼn simbool van ʼn gebrek aan geestelike welstand (Jes. 1:4–7; 33:24).

Ek het jou gebed gehoor, Ek het jou trane gesien; kyk, Ek sal jou gesond maak, **2 Kon.** 20:1–5 (2 Kron. 32:24; Jes. 38:1–5).

Jesus het rondgegaan en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees, **Matt.** 4:23–24 (1 Ne. 11:31; Mosia 3:5–6). Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is, **Matt.** 9:10–13 (Mark. 2:14–17; Lk. 5:27–32). Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, **Jak.** 5:14–15.

Christus sal op Hom die pyne en siektes van sy volk neem, **Alma** 7:10–12. Jesus het al die siekes onder die Nefiete genees, **3 Ne.** 26:15.

Almal onder julle wat siek is, moet met tederheid, kruie en ligte voedsel versorg word, **L&V** 42:43 (Alma 46:40). Onthou in alle dinge die siekes en die geteisterdes, **L&V** 52:40. Lê jou hande op die siekes en hulle sal herstel, **L&V** 66:9.

**Siel.** *Sien ook* Gees; Liggaam

Die skrifture spreek van siele op drie maniere: (1) geestelike wesens, beide vooraards en nadoods (Alma 40:11–14; Abr. 3:23); (2) ʼn gees en ʼn liggaam verenig in sterflikheid (L&V 88:15; Abr. 5:7); en (3) ʼn onsterflike, herrese persoon wie se gees en liggaam onafskeidbaar verbind is (2 Ne. 9:13; L&V 88:15–16).

Die bloed doen versoening vir julle siele, **Lev.** 17:11. Hy verkwik my siel, **Ps.** 23:1–3.

Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele siel, **Matt.** 22:37 (Mark. 12:30).

Die duiwel bedrieg hulle siele, **2 Ne.** 28:21. Offer julle ganse siele as ʼn offerande aan Hom, **Omni** 1:26. Die woord begin om my siel te vergroot, **Alma** 32:28. Sy siel sal nooit honger of dors nie, **3 Ne.** 20:8. Die brood en die water van die nagmaal word geheilig aan die siele van die wat daarvan gebruik, **Moro.** 4–5 (L&V 20:77–79).

Arbeiders in die koninkryk bring verlossing vir hulle siele deur hulle diens, **L&V** 4:2, 4. Die waarde van siele is groot, **L&V** 18:10.

Julle is in die wêreld gebore deur water, bloed en gees, en het so ʼn lewende siel geword, **Moses** 6:59.

*Waarde van siele:* Alle persone is geesteskinders van God. Hy gee om vir elkeen van sy kinders en beskou elkeen as belangrik. Omdat hulle sy kinders is, het hulle die vermoë om soos Hy te word. Daarom is hulle van groot waarde.

Daar is blydskap oor een sondaar wat hom bekeer, **Lk.** 15:10. God het die wêreld so liefgehad, dat Hy sy Eniggebore Seun gegee het, **Joh.** 3:16.

Hulle kon nie verdra dat enige menslike siel moes vergaan nie, **Mosia** 28:3. Is ʼn siel in hierdie tyd nie net so kosbaar vir God as wat ʼn siel sal wees ten tye van sy koms nie, **Alma** 39:17.

Die ding wat van meeste waarde vir jou is, is om siele na My te bring, **L&V** 15:6. Onthou die waarde van siele is groot in die oë van God, **L&V** 18:10–15.

Dit is my werk en my heerlikheid—om die onsterflikheid en ewige lewe van die mens teweeg te bring, **Moses** 1:39.

**Siener.** *Sien ook* Profeet; Urim en Tummim

ʼn Persoon wat deur God mag gegee

is om met geestelike oë dinge te sien wat God van die wêreld verberg het (Moses 6:35–38). Hy is ′n openbaarder en ′n profeet (Mosia 8:13–16). In die Boek van Mormon het Ammon geleer dat net ′n siener spesiale vertolkers, of ′n Urim en Tummim, kon gebruik (Mosia 8:13; 28:16). ′n Siener ken die verlede, hede en toekoms. Vroeër is ′n profeet dikwels ′n siener genoem (1 Sam. 9:9; 2 Sam. 24:11).

Joseph Smith is die groot siener van die laaste dae (L&V 21:1; 135:3). Daarbenewens word die Eerste Presidensie en die Raad van die Twaalf ondersteun as profete, sieners en openbaarders.

Dit is ′n wederstrewige volk wat aan die sieners sê: Sien nie; en aan die profete: Profeteer nie, **Jes.** 30:9–10.

′n Uitverkore siener sal Ek voortbring uit die vrug van jou lendene, **2 Ne.** 3:6–15.

Hier is wysheid, ja, om ′n siener te wees, ′n openbaarder, ′n vertaler en ′n profeet, **L&V** 107:92. Die Here het vir Hyrum Smith aangewys om ′n profeet, siener en openbaarder vir die Kerk te wees, **L&V** 124:91–94.

**Simbolisme**

Om iets te gebruik om iets anders voor te stel. Simbolisme in die skrifture gebruik ′n bekende voorwerp, gebeurtenis of omstandigheid om ′n beginsel of leerstelling van die evangelie te verteenwoordig. Byvoorbeeld, Die Boek van Mormon profeet Alma het ′n saad gebruik om die woord van God te verteenwoordig (Alma 32).

Profete het deurgaans in die skrifture simbolisme gebruik om van Jesus Christus te leer. Sommige van hierdie simbole sluit seremonies en ordinansies (Moses 6:63) asook offerandes in (Hebr. 9:11–15; Moses 5:7–8), die nagmaal (JSV, Mark. 14:20–24 [Bylae]; Lk. 22:13–20), en die doop (Rom. 6:1–6; L&V 128:12–13). Baie Bybelse name is simbolies. Die Ou Testamentiese tabernakelseremonie en die wet van Moses het die ewige waarhede voorgestel (Hebr. 8–10; Mosia 13:29–32; Alma 25:15; Hel. 8:14–15). Vir ander voorbeelde, sien Matthéüs 5:13–16; Joh. 3:14–15; Jakob 4:5; Alma 37:38–45.

**Símeon.** *Sien ook* Israel; Jakob, Seun van Isak

In die Ou Testament, die tweede seun van Jakob en sy vrou Lea (Gén. 29:33; 35:23; Ex. 1:2). Hy het by Levi aangesluit in die slagting van die Sigemite (Gén. 34:25–31). Jakob se profesie aangaande Símeon word in Génesis 49:5–7 gevind.

*Die stam van Símeon:* Die afstammelinge van Símeon het dikwels by die stam van Juda gewoon en binne die grense van die koninkryk van Juda (Jos. 19:1–9; 1 Kron. 4:24–33). Die stam van Símeon het by Juda aangesluit in die stryd teen die Kanaäniete (Rigt. 1:3, 17). Hulle het ook later by Dawid se leër aangesluit (1 Kron. 12:25).

**Simon die Kanaäniet**

In die Nuwe Testament, een van die oorspronklike Twaalf Apostels van Jesus Christus (Matt. 10:2–4).

**Simon Petrus.** *Sien* Petrus

**Simson**

In die Ou Testament, die twaalfde van die "rigters" van Israel. Hy was bekend vir sy groot fisiese krag, maar hy was nie wys in sommige morele keuses en handelinge nie (Rigt. 13:24–16:31).

**Sinagoge.** *Sien ook* Jode

′n Vergaderplek wat gebruik is vir godsdienstige doeleindes. In Nuwe Testamentiese tye was die meublement oor die algemeen eenvoudig, en het bestaan uit ′n kis wat die rolle van die wet en ander heilige geskrifte, ′n lessenaar vir lees en sitplekke vir die aanbidders bevat het.

′n Plaaslike raad van oudstes het elke sinagoge bestuur. Hulle het besluit wie

toegelaat moes word en wie geban moes word (Joh. 9:22; 12:42). Die belangrikste beampte was die owerste van die sinagoge (Mark. 5:22; Lk. 13:14). Hy was oor die algemeen 'n skrifgeleerde, het na die gebou omgesien en het oor die dienste toesig gehou. 'n Dienaar het klerklike pligte uitgevoer (Lk. 4:20).

Daar was 'n sinagoge in elke dorp waar Jode gewoon het, beide in Palestina en elders. Dit was 'n groot hulp met die verspreiding van die evangelie van Jesus Christus omdat vroeë sendelinge van die Kerk gewoonlik toegelaat was om in die sinagoges te spreek (Hand. 13:5, 14; 14:1; 17:1, 10; 18:4). Dieselfde praktyk het onder die sendelinge in die Boek van Mormon bestaan (Alma 16:13; 21:4–5; 32:1) asook onder vroeë sendelinge in hierdie tydvak (L&V 66:7; 68:1).

**Sing.** *Sien ook* Gesang; Musiek

Om God deur gesang en musikale vers te aanbid en te loof.

Sing tot die Here, **1 Kron.** 16:23–36 (Ps. 96). Psalmsing tot eer van die Here, **Ps.** 30:5. Juig voor die Here, o ganse aarde, **Ps.** 100:1.

En nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan na die Olyfberg, **Matt.** 26:30.

Die Heilige Gees het hulle gelei om te sing, **Moro.** 6:9.

Die lied van die regverdige is 'n gebed tot My, **L&V** 25:12. Wanneer jy bly is, prys die Here met gesang, **L&V** 136:28.

**Sion.** *Sien ook* Henog; Nuwe Jerusalem

Die reines van hart (L&V 97:21). Sion beteken ook 'n plek waar die reines van hart woon. Die stad wat deur Henog en sy volk gebou is en wat uiteindelik opgeneem is in die hemel as gevolg van regverdigheid, was Sion genoem (L&V 38:4; Moses 7:18–21, 69). In die laaste dae sal 'n stad genaamd Sion naby Jackson-distrik, Missouri (Verenigde State van Amerika) gebou word waarheen die stamme van Israel sal versamel (L&V 103:11–22; 133:18). Die Heiliges word aangeraai om Sion op te bou waar hulle ook al in die wêreld woon.

Die stad van Dawid was Sion genoem, **1 Kon.** 8:1. Uit Sion sal die wet uitgaan, **Jes.** 2:2–3 (Miga 4:2; 2 Ne. 12:2–3). Die Verlosser sal na Sion kom, **Jes.** 59:20. Ek sal julle neem, een uit 'n stad en twee uit 'n geslag en sal julle in Sion bring, **Jer.** 3:14. Op berg Sion en in Jerusalem sal ontkoming wees, **Joël** 2:32 (Obad. 1:17).

Geseënd is hulle wat sal probeer om my Sion voort te bring, **1 Ne.** 13:37. Die dogters van Sion is hoogmoedig, **2 Ne.** 13:16 (Jes. 3:16). Wee hom wat gerus is in Sion, **2 Ne.** 28:19–25.

Soek daarna om die saak van Sion uit te bring en op te rig, **L&V** 6:6 (L&V 11:6). Hom het Ek geïnspireer om die saak van Sion met geweldige mag ten goede te bevorder, **L&V** 21:7. Die Nuwe Jerusalem sal Sion genoem word, **L&V** 45:66–67. Independence, Missouri, is die plek vir die stad Sion, **L&V** 57:1–3. 'n Vloek van vernietiging bly op die kinders van Sion totdat hulle bekeer, **L&V** 84:58.

Die Here het sy volk Sion genoem omdat hulle een van hart en een van gedagte was, **Moses** 7:18–19. Sion (die Nuwe Jerusalem) sal op die Amerikaanse vasteland gebou word, **Gel. Art.** 1:10.

**Sippóra.** *Sien ook* Moses

In die Ou Testament, die vrou van Moses en die dogter van Jetro (Ex. 2:21; 18:2).

**Siz.** *Sien ook* Jerediete

'n Jereditiese militêre leier in die Boek van Mormon. Hy het aan die einde van 'n groot stryd wat die hele Jereditiese nasie vernietig het, gesterf (Ether 14:17–15:31).

**Sjerem.** *Sien ook* Antichris

’n Man in die Boek van Mormon wat Christus geloën het en ’n teken geëis het (Jakob 7:1–20).

**Sjiblon.** *Sien ook* Alma, Seun van Alma

In die Boek van Mormon, ’n seun van Alma die Jongere. Sjiblon het die evangelie aan die Zoramiete geleer en is vervolg vir sy regverdigheid. Die Here het hom bevry van sy vervolging as gevolg van sy getrouheid en geduld (Alma 38). Sjiblon het ook die Nefitiese kronieke vir ’n tyd bygehou (Alma 63:1–2, 11–13).

**Skep, Skepping.** *Sien ook* Aarde; Begin; Geesteskepping; Jesus Christus; Sabbatdag

Om te organiseer. God wat deur sy Seun, Jesus Christus, gewerk het, het die elemente in die natuur georganiseer om die aarde te formeer. Hemelse Vader en Jesus het die mens geskape na hulle ewebeeld (Moses 2:26–27).

In die begin het God die hemel en die aarde geskape, **Gén.** 1:1. Laat ons mense maak na ons beeld, **Gén.** 1:26 (Moses 2:26–27; Abr. 4:26).

Alle dinge het deur Hom ontstaan, **Joh.** 1:3, 10. In Hom is alle dinge geskape wat in die hemel is, **Kol.** 1:16 (Mosia 3:8; Hel. 14:12). God het die wêreld gemaak deur sy Seun, **Hebr.** 1:2.

Die mens is in die begin geskape, **Mosia** 7:27. Ek het die hemele en die aarde geskape en alle dinge, **3 Ne.** 9:15 (Morm. 9:11, 17). Alle mense is in die begin geskape na my eie beeld, **Ether** 3:15.

Jesus Christus het die hemele en die aarde geskape, **L&V** 14:9. Hy het die mens geskape, man en vrou, na sy eie beeld, **L&V** 20:18.

Wêrelde sonder tal het Ek geskape, **Moses** 1:33. Deur my Eniggeborene het Ek die hemel geskape, **Moses** 2:1. Ek, die Here God, het alle dinge geestelik geskape voordat hulle natuurlik op die aangesig van die aarde was, **Moses** 3:5. Miljoene aardes soos hierdie sal nie ’n begin wees van die getal van u skeppinge nie, **Moses** 7:30. Die Gode het die hemele georganiseer en geformeer, **Abr.** 4:1.

**Skepper.** *Sien* Jesus Christus; Skep, Skepping

**Skinder.** *Sien ook* Gerug; Kwaadsprekery

Om persoonlike feite of inligting mee te deel oor ’n ander persoon sonder daardie persoon se toestemming.

Van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee, **Matt.** 12:36. Heiliges word vermaan om nie praatsiek en bemoeisiek te wees nie, want hulle praat wat nie behoorlik is nie, **1 Tim.** 5:11–14.

Jy mag nie van jou naaste kwaadspreek nie, **L&V** 42:27. Versterk jou broers in al jou gesprekke, **L&V** 108:7.

**Skindery.** *Sien* Kwaadsprekery

**Skool van die Profete.** *Sien ook* Smith, Joseph, Jr.

In Kirtland, Ohio (Verenigde State van Amerika), gedurende die winter van 1832–1833, het die Here vir Joseph Smith beveel om ’n skool te organiseer met die doel om die broers in alle dinge op te lei betreffende die evangelie en die Koninkryk van God. Vanuit hierdie skool het baie van die vroeëre leiers van die Kerk gekom. ’n Ander skool van die profete of die ouderlinge is gelei deur Parley P. Pratt in Jackson-graafskap, Missouri (L&V 97:1–6). Soortgelyke skole is gestig kort nadat die Heiliges na die Weste verhuis het; hulle is egter gou gesluit. Evangeliese onderrig vind vandag tuis in priesterskapkworums en die verskillende hulporganisasies plaas en deur Kerkskole en seminarie en instituutklasse.

Heilig julleself en onderrig mekaar die leer van die koninkryk, **L&V**

88:74–80. Soek julle ywerig en leer mekaar, **L&V** 88:118–122. Die orde van die skool van die profete is uiteengesit, **L&V** 88:127–141. Die Eerste Presidensie dra die sleutels van die skool van die profete, **L&V** 90:6–7.

**Skrifgeleerde**

Skrifgeleerdes word dikwels in die Nuwe Testament genoem en word somtyds prokureurs of wetsgeleerdes genoem. Hulle het die wet in detail ontwikkel en het dit op die omstandighede van hul tyd toegepas (Matt. 13:52; Mark. 2:16–17; 11:17–18; Lk. 11:44–53; 20:46–47).

**Skrifture.** *Sien ook* Boek van Mormon; Bybel; Kanon; Leer en Verbonde; Pêrel van Groot Waarde; Woord van God

Woorde, beide geskryf en gespreek deur heilige manne van God wanneer hulle geïnspireer is deur die Heilige Gees. Die amptelike gekanoniseerde skrifture van die Kerk bestaan vandag uit die Bybel, Die Boek van Mormon, Leer en Verbonde en Pêrel van Groot Waarde. Jesus en die skrywers van die Nuwe Testament het die boeke van die Ou Testament beskou as skrifture (Matt. 22:29; Joh. 5:39; 2 Tim. 3:15; 2 Petr. 1:20–21). Sien ook Kronologie in die bylae.

Was ons hart nie brandende in ons toe Hy vir ons die Skrifte uitgelê het nie, **Lk.** 24:32. Ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig, **Joh.** 5:39.

Die woorde van Christus sal julle alle dinge sê wat julle moet doen, **2 Ne.** 32:3. Soveel as wat gelei word om die heilige skrifte te glo, is ferm en standvastig in die geloof, **Hel.** 15:7–8.

Mense dwaal deur die skrifture te verdraai en hulle nie te verstaan nie, **L&V** 10:63. Hierdie woorde is nie van mense of van ’n mens nie, maar van My, **L&V** 18:34–36. Die Boek van Mormon wat te voorskyn kom, bewys aan die wêreld dat die skrifture waar is, **L&V** 20:2, 8–12. Laat jou tyd gewy word om die skrifture te bestudeer, **L&V** 26:1. Die skrifture word gegee vir die onderrig van die Heiliges, **L&V** 33:16. Die skrifture word gegee vir die verlossing van die uitverkorenes, **L&V** 35:20. Onderrig die beginsels van my evangelie wat in die Bybel en die Boek van Mormon is, **L&V** 42:12. My wette aangaande hierdie dinge word in my skrifture gegee, **L&V** 42:28. Wat ook al onder die invloed van die Heilige Gees gespreek word, is skrif, **L&V** 68:4.

*Verlore skrifture:* Daar is baie heilige geskrifte wat in die skrifture genoem word wat ons nie vandag het nie, waaronder die volgende boeke en skrywers genoem word: die verbond (Ex. 24:7), die oorloë van die Here (Núm. 21:14), die Opregte (Jos. 10:13; 2 Sam. 1:18), die geskiedenisboek van Salomo (1 Kon. 11:41), Samuel die siener (1 Kron. 29:29), Natan die profeet (2 Kron. 9:29), Semája die profeet (2 Kron. 12:15), Iddo die profeet (2 Kron. 13:22), Jehu (2 Kron. 20:34), die verhale van die sieners (2 Kron. 33:19), Henog (Judas 1:14) en die woorde van Zenok, Neüm en Zenos (1 Ne. 19:10), Zenos (Jakob 5:1), Zenok en Esias (Hel. 8:20), en ’n boek van herinnering (Moses 6:5); en briewe aan die Korinthiërs (1 Kor. 5:9), aan die Efesiërs (Efés. 3:3), van Laodiceá (Kol. 4:16), en van Judas (Judas 1:3).

*Skrifture wat bewaar moet word:* Ons moes hierdie kronieke verkry sodat ons die woorde kon behou wat gespreek is deur die profete, **1 Ne.** 3:19–20. Ek moes hierdie plate bewaar, **Jakob** 1:3. Hierdie dinge is behou en bewaar deur die hand van God, **Mosia** 1:5. Pas hierdie heilige dinge op, **Alma** 37:47.

Die skrifture moet in veiligheid bewaar word, **L&V** 42:56.

Wend alle pogings aan om hulle te bewaar, **JS—G** 1:59.

*Waarde van die skrifture:* Jy moet hier-

die wet voor die hele Israel lees, **Deut.** 31:10–13. Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie, **Jos.** 1:8. Die wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel, **Ps.** 19:8. U woord is 'n lamp vir my voet, **Ps.** 119:105.

Die skrifte getuig van My, **Joh.** 5:39. Die hele skrif is gegee deur inspirasie van God en is nuttig tot lering en onderwysing, **2 Tim.** 3:15–16.

Ek het alle skrifte op ons toegepas sodat dit tot ons voordeel en lering mag wees, **1 Ne.** 19:23. My siel verlustig hom in die skrifte, **2 Ne.** 4:15–16. Ons arbei ywerig om te skryf, om ons kinders te oorreed, en ook ons broers, om te glo in Christus, **2 Ne.** 25:23. Hulle het die skrifte ondersoek en het nie meer ag geslaan op die woorde van hierdie bose man nie, **Jakob** 7:23 (Alma 14:1). As dit nie vir hierdie plate was nie, moes ons in onkunde gely het, **Mosia** 1:2–7. Hulle het die skrifte ywerig ondersoek sodat hulle die woord van God mag ken, **Alma** 17:2–3. Die skrifture word bewaar om siele tot heil te bring, **Alma** 37:1–19 (2 Ne. 3:15). Die woord van God sal die man van Christus lei, **Hel.** 3:29.

Wat hulle ook al sal spreek deur die Heilige Gees sal skrif wees en die mag van God tot heil, **L&V** 68:4. Druk die volheid van my skrifture met die doel om my Kerk op te bou en om my volk voor te berei, **L&V** 104:58–59.

Wie ook al my woord bewaar, sal nie bedrieg word nie, **JS—M** 1:37.

*Skrifture wat geprofeteer is om te voorskyn te kom:* Jesaja het voorspel dat die Boek van Mormon te voorskyn sal kom, **Jes.** 29:11–14. Neem vir jou 'n stok, en skryf daarop, vir Juda, **Eség.** 37:15–20.

Ander boeke sal te voorskyn kom, **1 Ne.** 13:39. Julle hoef nie te dink dat die Bybel al my woorde bevat nie, **2 Ne.** 29:10–14. Gryp die evangelie van Christus aan, wat aan jou voorgehou sal word in die kronieke wat te voorskyn sal kom, **Morm.** 7:8–9. Geseënd is hy wat hierdie ding aan die lig sal bring, **Morm.** 8:16. Skryf hierdie dinge en Ek sal hulle in my eie tyd toon, **Ether** 3:27 (Ether 4:7).

Ons glo dat Hy nog baie dinge sal openbaar, **Gel. Art.** 1:9.

**Skrifture, Verlore.** *Sien* Skrifture—Verlore skrifture

**Skrywer**

In die Ou Testament was die skrywer se eerste verantwoordelikheid om die skrifture te kopieer (Jer. 8:8).

**Skuld.** *Sien ook* Bekeer, Bekering; Vergewe

Die term *skuld* het twee basiese betekenisse in die skrifture (1) Soos gebruik in die skrifture, laat geld of besittings wat geskuld word aan 'n ander die lener in 'n soort knegskap verkeer. In 'n ander sin het Jesus geleer dat ons die Vader moet vra om ons ons skulde te vergewe, of om ons vry te stel om die prys vir ons sondes te betaal—deur die soendood van Jesus Christus—nadat ons andere hulle oortredinge teenoor ons vergewe het (Matt. 6:12; 3 Ne. 13:11). (2) Die toestand waar verkeerd gedoen is, of die gevoelens van berou en smart wat sonde behoort te vergesel.

Hy het gesondig en is skuldig, **Lev.** 6:1–6. Die goddelose leen en gee nie terug nie, **Ps.** 37:21. Die lener is 'n slaaf van die uitlener, **Spr.** 22:7.

Ek het jou al daardie skuld kwytgeskeld: moes jy nie jou mededienskneg ook barmhartig gewees het nie, **Matt.** 18:23–35. Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê, **Rom.** 13:8. Wie ook al aan die nagmaal onwaardig deelneem, is skuldig aan die liggaam en bloed van Jesus, **1 Kor.** 11:27.

Die skuldiges ag die waarheid as hard, **1 Ne.** 16:2. Ons sal 'n volmaakte kennis hê van al ons skuld, **2 Ne.** 9:14. My skuld is weggevee, **Enos** 1:6. Julle is vir altyd en altyd in die skuld by julle Vader in die Hemel, **Mosia** 2:21–24, 34. Wie ook al van sy naaste leen, moet die

ding teruggee wat hy leen, **Mosia** 4:28. Daar was 'n straf gekoppel wat berou van gewete gebring het, **Alma** 42:18. Laat jou sondes jou verontrus met daardie verontrusting wat jou na bekering sal bring, **Alma** 42:29.

Betaal die skuld en bevry jouself van knegskap, **L&V** 19:35. Sommige van julle is skuldig voor My, maar Ek sal barmhartig wees, **L&V** 38:14. Dit is verbode om in die skuld te kom by jul vyande, **L&V** 64:27. Betaal al julle skulde, **L&V** 104:78. Moenie skuld aangaan om die huis van die Here te bou nie, **L&V** 115:13.

Die Seun van God het versoening gedoen vir die oorspronklike sonde, **Moses** 6:54.

**Slaap**

'n Toestand van rus waarin 'n persoon onaktief en bewusteloos is. Die Here het sy Heiliges vermaan om nie langer te slaap as wat nodig is nie (L&V 88:124). Slaap kan ook 'n simbool wees van geestelike dood (1 Kor. 11:30; 2 Ne. 1:13) of van fisiese dood (Morm. 9:13).

**Slang, Koper.** *Sien ook* Jesus Christus; Moses

'n Koperslang wat deur Moses gemaak is op God se bevel om die Israeliete te genees wat deur giftige slange gebyt is in die woestyn (Núm. 21:8–9). Hierdie koperslang was aan 'n paal vasgemaak "en opgehef sodat wie ook al daarna kyk, mag lewe" (Alma 33:19–22). Die Here het na die verhoging van die slang in die woestyn verwys as 'n simbool van Homself wat verhoog is op die kruis (Joh. 3:14–15). Openbarings van die laaste dae bevestig die verslag van die giftige slang en hoe die mense genees is (1 Ne. 17:41; 2 Ne. 25:20; Hel. 8:14–15).

**Slawerny.** *Sien ook* Vry, Vryheid

Om in fisiese of geestelike gebondenheid te verkeer.

Die huis van Israel het in slawerny gegaan vanweë hulle onregverdigheid, **Eség.** 39:23.

Iemand wat krygsgevangenes maak, gaan in krygsslawerny, **Openb.** 13:10.

Die bose sal afgebring word in die slawerny van die duiwel, **1 Ne.** 14:4, 7. Die mens is vry om vryheid te kies en die ewige lewe, of om slawerny en die dood te kies, **2 Ne.** 2:27. Die wil van die vlees gee aan die duiwel mag om gevange te neem, **2 Ne.** 2:29. Het julle voldoende in gedagtenis gehou die slawerny van julle vaders, **Alma** 5:5–6. Hulle wat hulle harte verhard, word gevange geneem deur die duiwel, **Alma** 12:11. Waak en bid altyd sodat julle nie versoek word deur die duiwel, en julle gevange weggevoer word deur hom nie, **3 Ne.** 18:15.

**Sleutels van die Priesterskap.** *Sien ook* Eerste Presidensie; Priesterskap; Tydvak

Sleutels is die reg tot presidensie, of die mag deur God aan die mens gegee om te rig, te beheer, en God se priesterskap op aarde te bestuur. Priesterskapdraers wat geroep word na posisies van presidensie, ontvang sleutels van diegene met gesag oor hulle. Priesterskapdraers gebruik slegs die priesterskap binne die perke wat bepaal is deur diegene wat die sleutels dra. Die President van die Kerk is die enigste persoon op aarde wat alle priesterskapsleutels dra en gemagtig is om hulle uit te oefen (L&V 107:65–67, 91–92; 132:7).

Petrus het die sleutels van die koninkryk ontvang, **Matt.** 16:19.

Mígael (Adam) het die sleutels van heil ontvang onder leiding van Jesus Christus, **L&V** 78:16. Die sleutels van die koninkryk behoort altyd aan die Eerste Presidensie, **L&V** 81:2. Die Melgisédekse Priesterskap hou die sleutels van die verborgenhede van die kennis van God, **L&V** 84:19. Spesiale sleutels word besit deur die Twaalf Apostels, **L&V** 107:35; 112:16, 32; 124:128. Joseph

Smith en Oliver Cowdery het sleutels ontvang met betrekking tot die versameling van Israel, die evangelie van Abraham, en die mag om te verseël, **L&V** 110:11–16. Die Eerste Presidensie en die Twaalf besit die sleutels van die tydvak van die volheid van tye, **L&V** 112:30–34. Ampsdraers in die priesterskap besit sleutels, **L&V** 124:123. Hy wat sleutels het, kan kennis verkry, **L&V** 128:11.

Die Ääroniese Priesterskap besit die sleutels van die bediening van engele en van die evangelie van bekering en die doop, **JS—G** 1:69 (L&V 13).

**Sluier**

ʼn Woord wat gebruik word om te beteken: (1) ʼn Simbool van ʼn skeiding tussen God en die mens, (2) ʼn Dun kleed wat deur mense gedra word om hulle hoof of gesig te bedek, of (3) ʼn Godgegewe vergeetlikheid wat mense se geheues afsluit van die vooraardse bestaan.

Nou sien ons deur ʼn spieël in ʼn raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig, **1 Kor.** 13:12.

Die donker sluier van ongeloof was besig om weggewerp te word van sy gemoed, **Alma** 19:6. Die broer van Jered kon nie weerhou word om binne-in die voorhangsel te sien nie, **Ether** 3:19 (Ether 12:19).

Die sluier sal geskeur word en julle sal My sien, **L&V** 67:10 (L&V 38:8). Die sluier is van ons verstand weggeneem, **L&V** 110:1.

ʼn Sluier van donkerheid sal die aarde bedek, **Moses** 7:61.

**Smith, Emma Hale.** *Sien ook* Smith, Joseph, Jr.

Vrou van die Profeet Joseph Smith. Die Here het Emma beveel om ʼn keuring van gesange vir die Kerk te maak. Sy het ook gedien as die eerste president van die Verligtingsvereniging.

Openbaring is gegee aangaande die Here se wil aan Emma Smith, **L&V** 25. Die Here het vir Emma raad gegee aangaande die huwelik, **L&V** 132:51–56.

**Smith, Hyrum.** *Sien ook* Smith, Joseph, Jr.

ʼn Ouer broer en getroue metgesel van Joseph Smith. Hyrum is op 9 Februarie 1800 gebore. Hy het gedien as ʼn assistent vir Joseph in die Kerk se presidensie, asook om die tweede Patriarg van die Kerk te wees. Op 27 Junie 1844 het hy ʼn mede-martelaar geword met Joseph in die Carthage-gevangenis.

God het bevele aan Hyrum geopenbaar deur sy broer, Joseph, **L&V** 11; 23:3. Geseënd is my dienskneg Hyrum Smith vanweë die integriteit van sy hart, **L&V** 124:15. Hyrum is beveel om die amp van Kerkpatriarg op te neem, **L&V** 124:91–96, 124. Joseph en Hyrum is in Carthage gevangenis gemartel, **L&V** 135. Hyrum en ander uitverkore geeste is gekies om na die aarde te kom in die volheid van tye, **L&V** 138:53.

**Smith, Joseph F.**

Die sesde President van die Kerk; die enigste seun van Hyrum en Mary Fielding Smith. Hy is op 13 November 1838 gebore en is op 19 November 1918 oorlede.

Joseph F. Smith het ʼn visioen ontvang van die heil van die dode, **L&V** 138.

**Smith, Joseph, Jr.** *Sien ook* Boek van Mormon; Eerste Visioen; Herstelling van die Evangelie; Joseph Smith Vertaling (JSV); Leer en Verbonde; Pêrel van Groot Waarde

Die profeet wat gekies is om die ware Kerk van Jesus Christus op die aarde te herstel. Joseph Smith is in die staat Vermont in die Verenigde State van Amerika gebore en het vanaf 1805 tot 1844 gelewe.

In 1820 het God die Vader en Jesus Christus aan Joseph verskyn en hy het geleer dat geeneen van die kerke op die

aarde waar was nie (JS—G 1:1–20). Hy is later deur die engel Moroni besoek wat die bergplek van goue plate uitgewys het wat die kroniek van die voormalige bewoners van die Amerikaanse kontinent bevat het (JS—G 1:29–54).

Joseph het die goue plate vertaal en hulle in 1830 laat publiseer as die Boek van Mormon (JS—G 1:66–67, 75). In 1829 het hy priesterskapsgesag ontvang van Johannes die Doper en van Petrus, Jakobus en Johannes (L&V 13; 27:12; 128:20; JS—G 1:68–70).

Soos deur God gerig, het Joseph en 'n paar ander die herstelde Kerk van Jesus Christus georganiseer op 6 April 1830 (L&V 20:1–4). Onder die leierskap van Joseph het die Kerk in Kanada, Engeland en die oostelike gedeelte van die Verenigde State gegroei, veral in Ohio, Missouri en Illinois. Ernstige vervolging het Joseph en die Heiliges gevolg waar hulle hul ook al gevestig het. Op 27 Junie 1844 is Joseph en sy broer Hyrum vermoor in Carthage, Illinois, in die Verenigde State van Amerika.

Josef, die seun van Jakob, het van Joseph Smith geprofeteer, **2 Ne.** 3:6–15.

As gevolg van sy kennis van komende rampspoed het die Here vir Joseph Smith, sy dienskneg, geroep, **L&V** 1:17 (L&V 19:13). Joseph Smith is as 'n Apostel van Jesus Christus geordineer en eerste ouderling van hierdie Kerk, **L&V** 20:2. Joseph is tot die apostelskap geordineer deur Petrus, Jakobus en Johannes, **L&V** 27:12. Joseph en Sidney Rigdon het getuig dat hulle die Eniggeborene van die Vader gesien het, **L&V** 76:23. Tesame met Oliver Cowdery het Joseph Smith die Here in 'n visioen gesien, **L&V** 110:1–4. Die Here het vir Joseph as presiderende ouderling, vertaler, openbaarder, siener, en profeet geroep, **L&V** 124:125. Joseph Smith het meer vir die verlossing van die mens gedoen as enige ander mens, behalwe vir Jesus alleen, **L&V** 135:3.

*Skrifture wat voortgebring is deur die Profeet Joseph Smith:* Joseph het gedeeltes van die goue plate vertaal wat aan hom gegee is deur die engel Moroni, welke vertaling gepubliseer is in 1830 as die Boek van Mormon. Hy het ook baie openbarings ontvang van die Here wat die basiese leerstellings en organisasie van die Kerk uiteensit. Baie van hierdie openbarings is saamgevat in wat nou bekend staan as die Leer en Verbonde. Hy was ook verantwoordelik vir die verskyning van die Pêrel van Groot Waarde wat geïnspireerde vertalings van sommige van die geskrifte van Moses, Abraham en Matthéüs bevat, asook uittreksels van sy persoonlike geskiedenis en getuienis en dertien verklarings van leerstellings en geloof wat deur die Kerk gehandhaaf word.

**Smith, Joseph, Snr.** *Sien ook* Smith, Joseph, Jr.; Smith, Lucy Mack

Vader van die Profeet Joseph Smith. Hy is op 12 Julie 1771 gebore. Hy het met Lucy Mack getrou en hulle het nege kinders gehad (JS—G 1:4). Joseph het 'n getroue volgeling geword van die Herstelde evangelie in die laaste dae en het die eerste Patriarg van die Kerk geword. Hy het op 14 September 1840 gesterf.

God het bevele aan hom geopenbaar deur sy seun Joseph, **L&V** 4; 23:5. Laat my bejaarde dienskneg bly woon saam met sy gesin, **L&V** 90:20. My bejaarde dienskneg, Joseph sit met Abraham aan sy regterhand, **L&V** 124:19. Joseph Smith Jr. het sy vader in 'n visioen van die selestiale koninkryk gesien, **L&V** 137:5.

'n Engel het vir Joseph Smith Jr. beveel om vir sy vader te vertel van die visioen wat hy ontvang het, **JS—G** 1:49–50.

**Smith, Lucy Mack.** *Sien ook* Smith, Joseph, Jr.; Smith, Joseph, Snr.

Die moeder van die Profeet Joseph Smith en vrou van Joseph Smith Snr.

(JS—G 1:4, 7, 20). Sy is op 8 Julie 1776 gebore en het op 5 Mei 1856 gesterf.

Joseph het sy moeder in ʼn visioen van die selestiale koninkryk gesien, **L&V** 137:5.

**Smith, Samuel H.** *Sien ook* Smith, Joseph, Jr.

ʼn Jonger broer van die Profeet Joseph Smith (JS—G 1:4). Samuel is in 1808 gebore en het in 1844 gesterf. Hy was een van die Agt Getuies van die Boek van Mormon en het as een van die eerste sendelinge van die herstelde Kerk gedien (L&V 23:4; 52:30; 61:33–35; 66:7–8; 75:13).

**Sodom.** *Sien ook* Gomorra

In die Ou Testament, ʼn goddelose stad wat deur die Here vernietig is (Gén. 19:12–29).

**Sondag.** *Sien* Sabbatdag

**Sonde.** *Sien ook* Aanstoot Gee; Boos, Boosheid; Gruwel, Gruwelik; Onregverdig, Onregverdigheid; Rebellie; Vieslik, Vieslikheid

Opsetlike ongehoorsaamheid aan God se gebooie.

Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie, **Spr.** 28:13. Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu, **Jes.** 1:18. Sondaars sal sterf en die regverdiges sal gered word, **Eség.** 18.

Die Lam van God neem die sondes van die wêreld weg, **Joh.** 1:29. Laat jou doop en jou sondes afwas, **Hand.** 22:16. Die loon van die sonde is die dood, **Rom.** 6:23. Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde, **Jak.** 4:17.

Sal U my maak dat ek mag sidder ten aansien van die sonde, **2 Ne.** 4:31. Wee al diegene wat sterwe in hulle sondes, **2 Ne.** 9:38. Hulle kon nie die sonde aanskou nie tensy dit met afkeer was nie, **Alma** 13:12. Moenie veronderstel dat jy herstel sal word van die sonde tot geluk nie, **Alma** 41:9–10. Die Here kan nie sonde aanskou met die geringste mate van aanvaarding nie, **Alma** 45:16 (L&V 1:31). Klein kindertjies is nie in staat om sonde te pleeg nie, **Moro.** 8:8.

Om te bekeer, moet mense bely en hulle sondes versaak, **L&V** 58:42–43. Die groter sonde bly by hom wat nie vergewe nie, **L&V** 64:9. Hy wat sondig teen die groter lig sal die groter veroordeling ontvang, **L&V** 82:3. Vir daardie siel wat sondig, sal die vorige sondes terugkeer, **L&V** 82:7. Wanneer ons onderneem om ons sondes te verberg, onttrek die hemele hulleself, **L&V** 121:37.

**Sout**

Sout is vroeër gebruik as ʼn belangrike preserveermiddel van voedsel; dit is as noodsaaklik vir die lewe beskou.

Lot se vrou het ʼn soutpilaar geword, **Gén.** 19:26.

Julle is die sout van die aarde, **Matt.** 5:13 (Lk. 14:34; 3 Ne. 12:13).

Die Here se verbondsvolk word beskou as die sout van die aarde, **L&V** 101:39–40. As die Heiliges nie die verlossers van mense is nie, is hulle soos sout wat sy smaak verloor het, **L&V** 103:9–10.

**Spreuk**

ʼn Kort morele gesegde of raad.

*Die boek Spreuke:* ʼn Ou Testamentiese boek wat baie gelykenisse, gesegdes en gedigte bevat, sommige waarvan deur Salomo geskryf is. Die boek Spreuke word dikwels in die Nuwe Testament aangehaal.

Hoofstuk 1–9 bevat ʼn verduideliking van ware wysheid. Hoofstuk 10–24 bevat ʼn versameling van gesegdes aangaande die regte en verkeerde maniere van lewe. Hoofstuk 25–29 bevat die spreuke van Salomo wat die manne van Hiskía, Koning van Juda, opgeteken het. Hoofstuk 30–31 sluit ʼn beskrywing van ʼn deugsame vrou in.

**Standaardwerke.** *Sien* Kanon

**Steel**

Om op ʼn oneerlike of onwettige wyse iets van ʼn ander te neem. Die Here het altyd sy kinders gebied om nie te steel nie (Ex. 20:15; Matt. 19:18; 2 Ne. 26:32; Mosia 13:22; L&V 59:6).

Maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar diewe nie inbreek en steel nie, **Matt.** 6:19–21.

Die Nefiete se neerlae het gekom vanweë hoogmoedigheid, rykdom, plunder en diefstal, **Hel.** 4:12.

Hy wat steel en nie wil bekeer nie, sal uitgewerp word, **L&V** 42:20. Diegene wat steel sal uitgelewer word aan die wet van die land, **L&V** 42:84–85.

**Stéfanus**

Stéfanus was ʼn martelaar vir die Saligmaker en sy Kerk gedurende Nuwe Testamentiese tye. Sy prediking het die belangrike werk van Paulus wat teenwoordig was toe Stéfanus homself verdedig het voor die Sanhedrin, voorafgegaan en moontlik beïnvloed (Hand. 8:1; 22:20).

Stéfanus was een van sewe manne wat aangestel was om die Twaalf Apostels by te staan, **Hand.** 6:1–8. Stéfanus het groot wonders en tekens gedoen, **Hand.** 6:8. Stéfanus was in ʼn redetwis betrokke met die Jode, **Hand.** 6:9–10. Klagtes is teen hom gebring en hy is deur die Sanhedrin verhoor, **Hand.** 6:11–15. Stéfanus het sy verdediging aangebied, **Hand.** 7:2–53. Hy was vol van die Heilige Gees en het die Vader en die Seun in ʼn visioen gesien, **Hand.** 7:55–56. Stéfanus is gemartel vir sy getuienis, **Hand.** 7:54–60.

**Stem.** *Sien ook* Algemene Instemming; Openbaring

Soos gebruik in die skrifture, is dit somtyds ʼn hoorbare boodskap wat deur die Here of sy boodskappers gespreek word. Die stem van die Gees mag dalk nie hoorbaar wees nie en gerig wees op die hart of verstand.

Adam en Eva het die stem van die Here God gehoor, **Gén.** 3:8 (Moses 4:14). Die Here het met Elía gespreek in die fluistering in die windstilte, **1 Kon.** 19:11–13.

Die regverdiges volg die stem van die Goeie Herder, **Joh.** 10:1–16. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem, **Joh.** 18:37.

Ek het die stem van die Gees gehoorsaam, **1 Ne.** 4:6–18. Daar het ʼn stem na my gekom wat sê: Enos, jou sondes is jou vergewe, **Enos** 1:5. Dit was ʼn stil stem van volmaakte teerheid en dit het deurgedring tot die diepte van die siel, **Hel.** 5:29–33 (3 Ne. 11:3–7).

Of dit deur my eie stem is, of deur die stem van my diensknegte, dit is dieselfde, **L&V** 1:38. Wat hulle ook al sal spreek wanneer hulle deur die Heilige Gees beweeg word, sal die stem van die Here wees, **L&V** 68:2–4. Elke siel wat my stem gehoorsaam, sal my aangesig sien en weet dat Ek is, **L&V** 93:1.

**Sterflik, Sterflikheid.** *Sien ook* Dood, Fisiese; Liggaam; Val van Adam en Eva; Wêreld

Die tyd vanaf geboorte tot fisiese dood. Dit word somtyds die tweede staat genoem.

Die dag as jy daarvan eet sal jy sekerlik sterwe, **Gén.** 2:16–17 (Moses 3:16–17). Met die dood sal die gees terugkeer na God en die liggaam na die stof van die aarde, **Pred.** 12:7 (Gén. 3:19; Moses 4:25).

Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers nie, **Rom.** 6:12. Hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, **1 Kor.** 15:53 (Enos 1:27; Mosia 16:10; Morm. 6:21).

Die mens se toestand het ʼn toestand van toetsing geword, **2 Ne.** 2:21 (Alma 12:24; 42:10). Adam het geval dat die mens mag wees, **2 Ne.** 2:25. Kyk julle vorentoe en beskou hierdie sterflike

liggaam wat in onsterflikheid opgewek word, **Alma** 5:15. Hierdie lewe is die tyd om voor te berei om God te ontmoet, **Alma** 34:32.

Moenie die dood vrees nie, want jou vreugde is nie volledig in hierdie wêreld nie, **L&V** 101:36.

Diegene wat hulle tweede staat behou, sal heerlikheid hê, **Abr.** 3:26.

**Stok van Efraim.** *Sien* Efraim—Die stok van Efraim of Josef

**Stok van Josef.** *Sien* Efraim—Die stok van Efraim of Josef

**Stok van Juda.** *Sien* Juda—Die stok van Juda

**Suiwer, Suiwerheid.** *Sien ook* Heiligmaking; Rein en Onrein

Vry van sonde of skuld; sonder blaam. ʼn Persoon word suiwer wanneer sy gedagtes en handelinge in elke opsig rein is. ʼn Persoon wat gesondig het, kan suiwer word deur geloof in Jesus Christus, bekering en die ordinansies van die evangelie te ontvang.

Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, sal seën wegdra van die Here, **Ps.** 24:3–5. Reinig julle, draers van die heilige voorwerpe van die Here, **Jes.** 52:11 (L&V 133:4–5).

Geseënd is die wat rein van hart is, **Matt.** 5:8 (3 Ne. 12:8). Alles wat rein is, bedink dit, **Filip.** 4:8 (Gel. Art. 1:13).

Almal van julle wat rein van hart is, rig op julle hoofde en ontvang die aangename woord van God, **Jakob** 3:2–3. Kan julle op daardie dag na God opkyk met ʼn suiwer hart en rein hande, **Alma** 5:19. Omdat hulle rein en vlekkeloos voor God was, kon hulle nie die sonde aanskou tensy dit was met afkeer nie, **Alma** 13:12. Word gereinig net soos Christus rein is, **Moro.** 7:48 (Morm. 9:6).

Christus sal vir homself ʼn suiwer volk bewaar, **L&V** 43:14. Die Here het beveel dat ʼn huis in Sion gebou word waarin die reines God sal sien, **L&V** 97:10–17. Dit is Sion—die reines van hart, **L&V** 97:21.

**Suster.** *Sien ook* Broers; Mens die, Mense; Vrou, Vroue

As kinders van ons Hemelse Vader is alle mans en vrouens geestelik broers en susters. In die Kerk word vroulike lede en vriende van die Kerk dikwels as susters aangespreek.

Want elkeen wat die wil doen van my Vader, dié is my broer en suster, **Matt.** 12:50 (Mark. 3:35).

Wette wat belydenis van sondes beheer tussen broers en susters in die Kerk word uiteengesit, **L&V** 42:88–93.

**Swakheid.** *Sien ook* Nederig, Nederigheid

Die toestand om sterflik te wees en vermoë, krag of vaardigheid te ontbreek. Swakheid is ʼn toestand van menswees. Alle mense is swak, en dit is net deur God se genade dat hulle krag ontvang om regverdig te handel, (Jakob 4:6–7). Hierdie swakheid kom gedeeltelik na vore in die individuele swakhede of swakhede wat elke persoon het.

Versterk die slap hande, **Jes.** 35:3–4.

Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak, **Matt.** 26:41 (Mark. 14:38).

Vanweë die swakheid wat in my is, volgens die vlees, wil ek myself verontskuldig, **1 Ne.** 19:6. Ek is beveel om hierdie dinge te skryf, ten spyte van my swakhede, **2 Ne.** 33:11. Moet nie toornig wees op u dienskneg vanweë sy swakheid nie, **Ether** 3:2. Die nie-Jode sal spot met hierdie dinge vanweë ons swakheid om te skryf, **Ether** 12:23–25, 40. Ek sal aan hulle hul swakheid toon, **Ether** 12:27–28. Omdat jy jou swakheid gesien het, sal jy sterk gemaak word, **Ether** 12:37.

Hy wat onder julle swak is, sal hierna sterk gemaak word, **L&V** 50:16. Jesus Christus ken die swakheid van die mens, **L&V** 62:1.

**Sweer.** *Sien* Eed; Laster, Godslastering; Oneerbiedigheid; Vloek, Vervloekings

**Taal**

Woorde, geskrewe of gesproke, wat saamgevoeg word in spesifieke patrone ten einde inligting, gedagtes en idees mee te deel. Hoe ons taal gebruik, toon hoe ons voel teenoor God en ander mense. By die Tweede Koms van Jesus Christus sal die Here aan die hele mensdom ’n suiwere taal gee (Sef. 3:8–9).

Die hele aarde het dieselfde taal gehad, **Gén.** 11:1. Die Here het die taal van die hele aarde verwar, **Gén.** 11:4–9.

Elkeen het hulle hoor spreek in sy eie taal, **Hand.** 2:1–6.

Die Here spreek tot die mens volgens hulle eie taal, **2 Ne.** 31:3 (L&V 1:24). Benjamin het sy seuns die taal van sy vader geleer, sodat hulle manne van insig kon word, **Mosia** 1:2–5.

Hy wie se uitinge nederig en stigtelik is, is van God as hy my ordinansies gehoorsaam, **L&V** 52:16. Word bekend met tale, tonge en mense, **L&V** 90:15.

Adam en sy kinders het ’n taal gehad wat suiwer en onbesmet was, **Moses** 6:5–6, 46. God het vir Henog groot mag van spraak gegee, **Moses** 7:13.

**Tabak.** *Sien* Woord van Wysheid

**Tabernakel.** *Sien ook* Allerheiligste; Ark van die Verbond; Tempel, Huis van die Here

’n Huis van die Here, die middelpunt van Israel se aanbidding gedurende die Uittog uit Egipte. Die tabernakel was eintlik ’n draagbare tempel en kon uitmekaar gehaal word en weer aanmekaar gesit word. Die kinders van Israel het ’n tabernakel gebruik totdat hulle die tempel van Salomo gebou het (L&V 124:38).

God het die plan van die tabernakel aan Moses geopenbaar (Ex. 26–27) en die kinders van Israel het dit volgens daardie plan gebou (Ex. 35–40). Toe die tabernakel voltooi was, het ’n wolk die tent oordek en die heerlikheid van die Here het die tabernakel gevul (Ex. 40:33–34). Die wolk was ’n teken van God se teenwoordigheid. In die nag het dit die voorkoms van ’n vuur gehad. Wanneer die wolk oor die tent gebly het, het die kinders van Israel laer opgeslaan. As dit beweeg het, het hulle saam met dit beweeg (Ex. 40:36–38; Núm. 9:17–18). Gedurende hulle swerftogte in die woestyn en hulle verowering van die land Kanaän het die kinders van Israel die tabernakel saam met hulle gedra. Na daardie verowering was die tabernakel gevestig in Silo, die plek wat die Here uitgekies het (Jos. 18:1). Nadat die kinders van Israel die tempel van Salomo gebou het is die tabernakel nooit weer in die geskiedenis genoem nie.

Die Here en Jesaja het die tabernakel gebruik as ’n simbool van die stede van Sion en Jerusalem ten tye van die Here se Tweede Koms (Jes. 33:20; Moses 7:62).

**Tale, Gawe van.** *Sien ook* Gawes van die Gees; Tong

’n Gawe van die Heilige Gees wat geïnspireerde individue toelaat om in ’n onbekende taal te spreek, te verstaan en te vertolk. Ons glo aan die gawe van tale (Gel. Art. 1:7).

Hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, **Hand.** 2:4. Hy wat in ’n taal spreek, spreek nie tot mense nie, maar tot God, **1 Kor.** 14:1–5, 27–28. Die tale is dus ’n teken vir die ongelowiges, **1 Kor.** 14:22–28.

Dan kom die doop van vuur en van die Heilige Gees; en dan kan julle spreek met die tong van engele, **2 Ne.** 31:13–14. Amaleki het alle mense vermaan om te glo in die gawe van spreek met tonge, **Omni** 1:25.

Dit word aan sommige gegee om in tale te spreek; en aan 'n ander die uitleg van tale, **L&V** 46:24–25 (1 Kor. 12:10; Moro. 10:8, 15–16). Laat die gawe van tale uitgestort word, **L&V** 109:36.

**Talent**

'n Vroeëre gewigsmaat of som geld wat baie waardevol was. Dit dien ook as 'n simbool van iets wat baie waardevol is, soos die evangelie van Jesus Christus (Matt. 25:14–29; Ether 12:35; L&V 60:2, 13).

**Taylor, John**

Die derde President van die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae.

Is geroep na die Raad van die Twaalf, **L&V** 118:6 (L&V 124:128–129). Was gewond tydens die marteldood, **L&V** 135:2. Was onder die vernames wat deur Joseph F. Smith in die geesteswêreld gesien is, **L&V** 138:53–56.

**Teankum**

'n Groot Nefitiese militêre leier in die Boek van Mormon (Alma 50:35; 51–52; 61–62).

**Teenstand.** *Sien ook* Kasty, Kastyding; Versoek, Versoeking; Vervolg, Vervolging; Volhard

Deur teenstand—beproewing, kwellinge en ellende—kan die mens baie ondervindings hê wat lei na geestelike groei en ewige ontwikkeling deur te keer na die Here.

God self het u gered uit al u teenspoed en u beproewinge, **1 Sam.** 10:19. Hulle het tot die Here geroep in hulle kwellinge, **Ps.** 107:6, 13, 19, 28. Hoewel die Here julle die brood van teenstand gee, tog sal jou leraars nie weggeneem word nie, **Jes.** 30:20–21.

Dit is noodwendig dat daar 'n teenstelling is in alle dinge, **2 Ne.** 2:11.

As hulle nooit die bittere sal hê nie, kan hulle nie die soete ken nie, **L&V** 29:39. Jou teenspoed sal maar 'n kort oomblik wees, **L&V** 121:7–8. Al hierdie dinge sal jou ervaring gee, en sal vir jou beswil wees, **L&V** 122:5–8.

Hulle proe die bittere, dat hulle mag weet om die goeie te waardeer, **Moses** 6:55.

**Teenstander.** *Sien* Duiwel

**Teken.** *Sien ook* Kerk, Tekens van die Ware; Tekens van die Tye; Wonderwerk

'n Gebeurtenis of ervaring wat mense verstaan as bewys of stawing van iets. 'n Teken is gewoonlik 'n wonderbaarlike openbaring van God. Satan het ook mag om tekens te toon onder sekere omstandighede. Heiliges moet vir die gawes van die Gees soek maar moet nie vir tekens soek om hul nuuskierigheid te bevredig of hul geloof te ondersteun nie. Die Here sal eerder tekens gee soos Hý dit goeddink, aan diegene wat glo (L&V 58:64).

Die Here self sal aan julle 'n teken gee, **Jes.** 7:14 (2 Ne. 17:14). God doen tekens en wonders in die hemel en op die aarde, **Dan.** 6:28.

'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, **Matt.** 12:39 (Matt. 16:4; Lk. 11:29). Vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg, **Mark.** 16:17 (Morm. 9:24; Ether 4:18; L&V 84:65).

Sjerem het vir 'n teken gevra, **Jakob** 7:13–20. Korihor het vir 'n teken gevra, **Alma** 30:48–60. Toon aan ons 'n teken, dan sal ons glo, **Alma** 32:17. Die grootste gedeelte van die volk het die tekens en die wonders geglo, **3 Ne.** 1:22. Die mense het die tekens en wonders vergeet, **3 Ne.** 2:1. Julle ontvang geen getuienis tot ná die beproewing van julle geloof nie, **Ether** 12:6.

Vereis nie wonderwerke nie, tensy Ek sal beveel, **L&V** 24:13. Geloof kom nie deur tekens nie, maar tekens volg diegene wat glo, **L&V** 63:7–11.

In daardie dae sal valse Christusse en

valse profete opstaan en hulle sal groot tekens en wonders toon, **JS—M** 1:22.

**Tekens van die Tye.** *Sien ook* Laaste Dae; Teken; Tweede Koms van Jesus Christus

Gebeure of ervarings wat God aan mense gee om te toon dat iets belangriks in sy werk plaasgevind het of binnekort sal plaasvind. In die laaste dae is baie tekens oor die Tweede Koms van die Saligmaker geprofeteer. Hierdie tekens stel getroue mense in staat om God se plan te herken, gewaarsku te word en voor te berei.

Die berg van die huis van die Here sal vasstaan op die top van die berge, **Jes.** 2:2–3. Hy sal ′n banier ophef en Israel versamel, **Jes.** 5:26 (2 Ne. 15:26–30). Die son is duister by sy opgang, en die maan laat sy lig nie skyn nie, **Jes.** 13:10 (Joël 3:15; L&V 29:14). Mense sal die wette en die ewige verbond verbreek, **Jes.** 24:5. Die Nefiete se stem sal uit die grond opkom, **Jes.** 29:4 (2 Ne. 27). Israel sal met krag versamel word, **Jes.** 49:22–23 (1 Ne. 21:22–23; 3 Ne. 20–21). God sal ′n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, **Dan.** 2:44 (L&V 65:2). Oorloë, drome en visioene sal die Tweede Koms voorafgaan, **Joël** 2. Al die nasies sal versamel om oorlog te voer teen Jerusalem, **Sag.** 14:2 (Eség. 38–39). Die dag kom, en dit brand soos ′n oond, **Mal.** 4:1 (3 Ne. 25:1; L&V 133:64; JS—G 1:37).

Groot rampe sal die Tweede Koms voorafgaan, **Matt.** 24 (JS—M 1). Paulus het die afvalligheid en swaar tye van die laaste dae beskryf, **2 Tim.** 3–4. Twee profete sal gedood word en opstaan in Jerusalem, **Openb.** 11 (L&V 77:15). Die evangelie sal in die laaste dae herstel word deur engelebediening, **Openb.** 14:6–7 (L&V 13; 27; 110:11–16; 128:8–24). Babilon sal gevestig word en val, **Openb.** 17–18.

Israel sal met mag versamel word, **1 Ne.** 21:13–26 (Jes. 49:13–26; 3 Ne. 20–21). Dit is ′n teken dat julle die tyd mag weet, **3 Ne.** 21:1. Die Boek van Mormon sal te voorskyn kom deur die krag van God, **Morm.** 8.

Die Lamaniete sal bloei soos die narsing, **L&V** 49:24–25. Die bose sal die bose dood, **L&V** 63:32–35 (Openb. 9). Oorlog sal uitgestort word oor alle nasies, **L&V** 87:2. Tekens, beroeringe van die elemente en engele berei die weg vir die koms van die Here, **L&V** 88:86–94. Duisternis sal die aarde bedek, **L&V** 112:23–24. Die Here het die Heiliges beveel om voor te berei vir die Tweede Koms, **L&V** 133.

**Tekens van die Ware Kerk.** *Sien* Kerk, Tekens van die Ware

**Tekens van Jesus Christus se Geboorte en Dood.** *Sien ook* Jesus Christus

Gebeure wat met die geboorte en dood van Jesus Christus gepaard gegaan het.

*Geboorte:* Die maagd sal swanger word en ′n seun baar, **Jes.** 7:14. Betlehem, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat ′n Heerser in Israel sal wees, **Miga** 5:1.

Samuel die Lamaniet het geprofeteer van ′n dag, ′n nag en ′n dag van lig; ′n nuwe ster; en ander tekens, **Hel.** 14:2–6. Die tekens is vervul, **3 Ne.** 1:15–21.

*Dood:* Samuel die Lamaniet het geprofeteer van duisternis, donder en weerlig en aardskuddings, **Hel.** 14:20–27. Die tekens is vervul, **3 Ne.** 8:5–23.

**Telestiale Heerlikheid.** *Sien ook* Grade van Heerlikheid

Die laagste van die drie grade van heerlikheid waarin mense sal woon na die Finale Oordeel.

Paulus het die heerlikheid van die sterre gesien, **1 Kor.** 15:40–41.

Joseph Smith en Sidney Rigdon het die telestiale heerlikheid gesien, **L&V** 76:81–90. Die inwoners van die telestiale

heerlikheid was net so talryk soos die sterre, **L&V** 76:109–112. Hy wat nie die wet van 'n telestiale koninkryk kan verduur nie, kan nie 'n telestiale heerlikheid verduur nie, **L&V** 88:24, 31, 38.

**Tempel, Huis van die Here.** *Sien ook* Allerheiligste; Begiftiging; Ordinansies; Tabernakel

Letterlik die huis van die Here. Die Here het altyd sy volk beveel om tempels te bou, heilige geboue waarin waardige Heiliges gewyde seremonies en ordinansies van die evangelie vir hulleself en vir die dooies kan uitvoer. Die Here besoek sy tempels, en hulle is die heiligste van alle plekke van aanbidding.

Die tabernakel wat deur Moses en die kinders van Israel opgerig is, was 'n draagbare tempel. Die Israeliete het dit gebruik gedurende hulle uittog uit Egipte.

Die bekendste tempel wat in die Ou Testament genoem word is die een wat deur Salomo in Jerusalem gebou is (2 Kron. 2–5). Dit is in 587 v.C. vernietig deur die Babiloniërs en is ongeveer 70 jaar later deur Serubbábel herstel (Esra 1–6). 'n Gedeelte van hierdie tempel is afgebrand in 37 v.C. en Herodes die Grote het dit later herbou. Die Romeine het die tempel in 70 n.C. vernietig.

In die Boek van Mormon is die regverdige volgelinge van God gelei om tempels te bou en daarin te aanbid (2 Ne. 5:16; Mosia 1:18; 3 Ne. 11:1). Om 'n tempel te bou en dit behoorlik te gebruik is tekens van die ware Kerk in enige tydvak, insluitende die herstelde Kerk in ons dag. Die Kirtland Tempel was die eerste tempel wat gebou en toegewy is tot die Here in hierdie tydvak. Vanaf daardie tyd is tempels in baie lande oor die aarde toegewy.

Wie mag staan in sy heilige plek, **Ps.** 24:3–5. Laat ons optrek na die berg van die Here, na die huis van die God van Jakob, **Jes.** 2:2–3 (Miga 4:1–2; 2 Ne. 12:2–3). Die Here sal skielik na sy tempel kom, **Mal.** 3:1 (3 Ne. 24:1; L&V 36:8; 42:36).

Jesus het die tempel gereinig, **Matt.** 21:12–16 (Mark. 11:15–18; Lk. 19:45–48).

Die Heiliges is beveel om 'n tempel in Missouri te bou, **L&V** 57:3 (L&V 84:3–5). Vestig 'n huis van God, **L&V** 88:119 (L&V 109:8). Die Here het die Heiliges gekasty omdat hulle nagelaat het om 'n tempel te bou, **L&V** 95:1–12. Ek sal nie in onheilige tempels inkom nie, **L&V** 97:15–17. Ek het hierdie huis aangeneem, en my Naam sal hier wees, **L&V** 110:7–8. Die Here se volk word altyd beveel om 'n huis in sy Naam te bou, **L&V** 124:39. Die groot werk wat in die tempels gedoen moet word, sluit die seëling van kinders aan hulle ouers in, **L&V** 138:47–48. Die groot werk van die laaste dae sluit die bou van tempels in, **L&V** 138:53–54.

**Tempelhuwelik.** *Sien* Huwelik, Trou

**Terrestriale Heerlikheid.** *Sien ook* Grade van Heerlikheid

Die tweede van die drie grade van heerlikheid waarin mense sal woon na die Finale Oordeel.

Paulus het 'n terrestriale heerlikheid gesien, wat vergelyk is met die heerlikheid van die maan, **1 Kor.** 15:40–41.

Joseph Smith en Sidney Rigdon het die terrestriale heerlikheid gesien, **L&V** 76:71–80. Die heerlikheid van die terrestriale oortref dié van die telestiale, **L&V** 76:91. Diegene wat nie die wet van 'n terrestriale koninkryk kan verduur nie, kan nie 'n terrestriale heerlikheid verduur nie, **L&V** 88:23, 30, 38.

**Testament.** *Sien* Nuwe Testament; Ou Testament

**Thessalonícense, Sendbriewe aan die.** *Sien ook* Paulus; Sendbriewe van Paulus

Twee boeke in die Nuwe Testament.

Hulle was oorspronklik briewe wat Paulus aan die Thessaloniërs geskryf het terwyl hy in Korinte was gedurende sy eerste besoek aan Europa in ongeveer 50 n.C. Sy werk in Thessaloníka word beskryf in Hand. 17. Paulus wou terugkeer na Thessaloníka maar is verhinder (1 Thes. 2:18). Hy het daarom vir Timótheüs gestuur om die bekeerlinge op te beur en aan hom te berig oor hoe hulle vaar. Paulus het die eerste sendbrief geskryf as gevolg van sy dankbaarheid oor Timótheüs se terugkeer.

*Eerste Thessalonícense:* Hoofstukke 1–2 bevat Paulus se begroeting aan en sy gebed vir die Heiliges; in hoofstukke 3–5 leer hy hulle oor geestelike groei, naasteliefde, kuisheid, getrouheid en die Tweede Koms van Jesus Christus.

*Tweede Thessalonícense:* Hoofstuk 1 bevat ′n gebed vir die Heiliges. Hoofstuk 2 praat oor die komende afvalligheid. Hoofstuk 3 bevat Paulus se gebed vir die oorwinning van die saak van die evangelie.

**Thomas**

In die Nuwe Testament, een van die oorspronklike Twaalf Apostels wat deur die Saligmaker gekies is gedurende sy sterflike bediening (Matt. 10:2–3; Joh. 14:5). In Grieks is die naam Dídimus (Joh. 20:24–29; 21:2). Alhoewel Thomas Jesus se Opstanding betwyfel het totdat hy die Saligmaker persoonlik gesien het, het sy integriteit hom vervolging en die dood gewilliglik laat ondergaan net soos sy Here (Joh. 11:16; 20:19–25).

**Tien Gebooie.** *Sien* Gebooie, Die Tien

**Tien Stamme.** *Sien* Israel

**Tiende, Tiendes.** *Sien ook* Geld; Offerande

′n Tiende gedeelte van ′n persoon se jaarlikse inkomste wat aan die Here gegee word deur middel van die Kerk. Tiendefondse word gebruik om kerke en tempels te bou, om sendingwerk te steun en om die koninkryk van God op die aarde te bou.

Abraham het tiendes van alles wat hy besit het aan Melgisédek gegee, **Gén.** 14:18–20 (Hebr. 7:1–2, 9; Alma 13:15). Al die tiendes behoort aan die Here; dit is heilig aan die Here, **Lev.** 27:30–34. Jy moet noukeurig die hele opbrengs van jou saad vertien, **Deut.** 14:22, 28. Die tiendes van alles het hulle in menigte ingebring, **2 Kron.** 31:5. Mag ′n mens God beroof? Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe, **Mal.** 3:8–11 (3 Ne. 24:8–11).

Hy wat sy tiende gee, sal nie verbrand word by sy koms nie, **L&V** 64:23 (L&V 85:3). Die Here se huis sal gebou word deur die tiendeheffing van sy volk, **L&V** 97:11–12. Die Here het die wet van die tiende geopenbaar, **L&V** 119. Tiendes sal deur ′n raad toegedeel word, **L&V** 120.

**Timótheüs.** *Sien ook* Paulus

In die Nuwe Testament, ′n jong sendingmetgesel van Paulus gedurende Paulus se sending (Hand. 16:1–3; 2 Tim. 1:1–5); die seun van ′n Griekse vader en Joodse moeder; hy en sy ouers het in Listre gewoon.

Paulus het van Timótheüs gepraat as "sy ware kind in die geloof" (1 Tim. 1:2, 18; 2 Tim. 1:2). Timótheüs was waarskynlik Paulus se betroubaarste en bekwaamste helper (Filip. 2:19–23).

**Timótheüs, Sendbriewe aan.** *Sien ook* Paulus; Sendbriewe van Paulus; Timótheüs

Twee boeke in die Nuwe Testament. Beide was oorspronklik briewe wat Paulus aan Timótheüs geskryf het.

*1 Timótheüs:* Paulus het die eerste sendbrief geskryf na sy eerste gevangeneskap. Hy het vir Timótheüs agtergelaat by Éfese met die bedoeling om weer daarna terug te keer (1 Tim. 3:14).

Paulus het egter gevoel dat hy vertraag mag word, daarom het hy aan Timótheüs geskryf, moontlik vanaf Macedónië (1 Tim. 1:3) om hom raad te gee en aan te moedig om sy pligte te vervul.

Hoofstuk 1 bevat Paulus se begroeting en ook sy onderwysing oor dwase spekulasies wat die Kerk begin binnedring het. Hoofstuk 2–3 handel oor openbare aanbidding en omtrent die aard en gedrag van bedienaars. Hoofstuk 4–5 bevat 'n beskrywing van die afvalligheid van die laaste dae en raad aan Timótheüs oor hoe om diegene te dien wat hy lei. Hoofstuk 6 is 'n aansporing om getrou te wees en om wêreldse rykdomme te vermy.

*2 Timótheüs:* Paulus het die tweede brief geskryf gedurende sy tweede gevangeneskap, kort voor sy marteldood. Dit bevat die Apostel se laaste woorde en toon die wonderlike moed en vertroue waarmee hy die dood tegemoet gegaan het.

Hoofstuk 1 bevat Paulus se begroeting en opdrag aan Timótheüs. Hoofstuk 2–3 gee verskeie waarskuwings en aanwysings, met 'n aansporing om die gevare wat voorlê, die hoof te bied. Hoofstuk 4 is 'n boodskap aan Paulus se vriende, wat raad bevat oor hoe om afvalliges te hanteer.

**Titus.** *Sien ook* Paulus; Sendbriewe van Paulus; Titus, Sendbrief aan

In die Nuwe Testament, 'n eerbare Griekse bekeerling wat saam met Paulus na Jerusalem gereis het en later 'n sendeling geword het (Gal. 2:1–4; 2 Tim. 4:10). Titus het Paulus se eerste sendbrief aan die Heiliges in Korinte afgelewer (2 Kor. 7:5–8, 13–15).

**Titus, Sendbrief aan.** *Sien ook* Paulus; Sendbriewe van Paulus; Titus

Terwyl Paulus tydelik vry was van Romeinse gevangeneskap, het hy die sendbrief aan Titus geskryf wat in Kreta was. Die brief spreek hoofsaaklik vrae aan met betrekking tot die interne dissipline en organisasie van die Kerk.

Hoofstuk 1 bevat Paulus se begroeting asook opdragte en algemene vereistes vir biskoppe. Hoofstuk 2–3 bevat algemene leringe en persoonlike boodskappe aan Titus oor die behandeling van verskeie groepe in die Kerk van Kreta. Paulus het die Heiliges aangemoedig om dwalinge te bowe te kom, om ernstig en getrou te wees en om goeie werke te handhaaf.

**Toerekenbaar, Toerekenbaarheid.** *Sien ook* Handelingsmag

Die Here het gesê dat alle mense verantwoordelik is vir hulle eie motiewe, houdings, begeertes en handelinge.

Die ouderdom van toerekenbaarheid is die ouderdom waarop kinders geag word om verantwoordelik te wees vir hulle handelinge en in staat is om sonde te pleeg en te bekeer.

Ek sal elkeen oordeel volgens sy weë, **Eség.** 18:30.

Hulle sal rekenskap gee van elke ydele woord, **Matt.** 12:36. Gee rekenskap van jou rentmeesterskap, **Lk.** 16:2. Elkeen van ons sal rekenskap gee van homself aan God, **Rom.** 14:12. Die dooies sal geoordeel word volgens hulle werke, **Openb.** 20:12.

Ons woorde, werke, en gedagtes sal ons veroordeel, **Alma** 12:14. Ons is ons eie regters, hetsy om goed te doen of boos, **Alma** 41:7. Julle word toegelaat om vir julleself te handel, **Hel.** 14:29–31. Hierdie ding sal julle leer—bekering en doop aan diegene wat toerekenbaar is, **Moro.** 8:10.

Almal moet bekeer en gedoop word wat die jare van toerekenbaarheid bereik het, **L&V** 18:42. Satan kan nie klein kindertjies versoek nie, totdat hulle begin om toerekenbaar te word voor My, **L&V** 29:46–47. Kinders sal gedoop word wanneer agt jaar oud, **L&V** 68:27. Elke mens sal verantwoordelik wees vir

sy eie sondes op die oordeelsdag, **L&V** 101:78.

Aan mense is die vermoë gegee om die goeie van die bose te ken; daarom is hulle handelingsmag gegee, **Moses** 6:56. Mense sal gestraf word vir hulle eie sondes, **Gel. Art.** 1:2.

**Toerekenbaarheid, Ouderdom van.** *Sien* Doop van Jong Kinders; Doop—Doop nie vir klein kindertjies nie; Kind, Kinders; Toerekenbaar, Toerekenbaarheid

**Toewy, Wet van Toewyding.** *Sien ook* Koninkryk van God of Koninkryk van die Hemel; Verenigde Orde

Om toe te wy, om heilig te maak, of om regverdig te word. Die wet van toewyding is ′n goddelike beginsel waardeur mans en vroue hulle tyd, talente, en materiële rykdom vrywillig toewy vir die vestiging en opbouing van God se koninkryk.

Wy julleself vandag toe vir die Here, **Ex.** 32:29.

Almal wat gelowig geword het, het alles gemeenskaplik besit, **Hand.** 2:44–45.

Hulle het alle dinge gemeenskaplik onder hulle gehad, daarom was daar geen rykes en armes gewees nie, **4 Ne.** 1:3.

Die Here het die beginsels van toewyding verduidelik, **L&V** 42:30–39 (L&V 51:2–19; 58:35–36). Een mens moenie meer besit as ′n ander nie, **L&V** 49:20. Elke mens is ′n gelyke deel gegee volgens sy gesin, **L&V** 51:3. ′n Orde is gevestig sodat die Heiliges gelyk kon wees in die bande van hemelse en aardse dinge, **L&V** 78:4–5. Elke mens moes gelyke aanspraak hê volgens sy belange en begeertes, **L&V** 82:17–19. Sion kan slegs opgebou word volgens die beginsels van die selestiale wet, **L&V** 105:5.

Die volk van Henog was een van hart en een van sin en het in regverdigheid geleef, en daar was geen armes onder hulle nie, **Moses** 7:18.

**Tollenaar.** *Sien ook* Romeinse Ryk

In antieke Rome, ′n invorderaar van belastings vir die regering. Tollenaars was oor die algemeen gehaat deur die Jode. Sommige tollenaars het die evangelie geredelik aanvaar (Matt. 9:9–10; Lk. 19:2–8).

**Tong.** *Sien ook* Tale, Gawe van

′n Simbool vir spraak. Die Heiliges moet hulle tonge beheer, wat beteken dat hulle hul spraak moet beheer. *Tonge* verwys ook na taal en mense. Uiteindelik sal elke knie buig en elke tong voor God bely (Jes. 45:23; Rom. 14:11).

Bewaar jou tong vir wat verkeerd is, **Ps.** 34:14 (1 Petr. 3:10). Hy wat sy mond en sy tong bewaar, bewaar sy siel van benoudhede, **Spr.** 21:23.

As iemand sy tong nie in toom hou nie, is die godsdiens van hierdie mens tevergeefs, **Jak.** 1:26. As iemand in woorde nie struikel nie, is hy ′n volmaakte man, **Jak.** 3:1–13. Die evangelie sal aan alle nasies, stamme, tale en volke verkondig word, **Openb.** 14:6–7 (2 Ne. 26:13; Mosia 3:13, 20; L&V 88:103; 112:1).

Die Here gun aan al die nasies, van hulle eie nasie en tong, om sy woord te onderrig, **Alma** 29:8. Hierdie plate sal uitgaan na elke nasie, stam, tong en volk, **Alma** 37:4.

Verkry my woord, en dan sal jou tong losgemaak word, **L&V** 11:21. Elke mens sal die volheid van die evangelie in sy eie tong hoor, **L&V** 90:11.

**Toorn.** *Sien ook* Haat; Liefde

Toorn is die uiting van humeur. Die Here het sy Heiliges vermaan om hulle toorn te beteuel (Matt. 5:22). Nóg ouer, nóg kind behoort andere in die gesin te mishandel. In die skrifture word toorn dikwels figuurlik voorgestel as vuur (2 Ne. 15:25; L&V 1:13).

En Kain was baie kwaad, en sy hoof

het gehang, **Gén.** 4:5. Die Here is lankmoedig, en van groot goedertierenheid, **Ps.** 145:8. 'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af, **Spr.** 15:1. 'n Driftige man verwek twis, maar die lankmoedige laat die geskil bedaar, **Spr.** 15:18 (Spr. 14:29). Om my Naam ontwil vertraag ek my toorn, **Jes.** 48:9. Ek het my hande uitgebrei na 'n volk wat my aanhoudend terg tot toorn, **Jes.** 65:2–3.

Wie jou ook al op jou regterwang sal slaan, draai na hom die ander een ook, **Matt.** 5:39. Julle vaders, terg nie julle kinders tot toorn nie, **Efés.** 6:4.

Omdat ek julle die waarheid vertel het, is julle kwaad vir my, **Mosia** 13:4. Ek sal hierdie volk in my toorn besoek, **Alma** 8:29.

Teenoor niemand word sy toorn ontsteek nie, behalwe diegene wat nie sy hand in alle dinge erken nie, **L&V** 59:21. Ek, die Here is vertoornd teen die goddelose, **L&V** 63:32.

**Transfigurasie.** *Sien ook* Jesus Christus; Sleutels van die Priesterskap

Die toestand van mense wie se voorkoms en aard tydelik verander—dit is, om na 'n hoër geestelike vlak verhef te word—sodat hulle die teenwoordigheid en heerlikheid van hemelse wesens kan verduur.

*Transfigurasie van Christus:* Petrus, Jakobus en Johannes het die Here verheerlik en getransfigureer voor hulle gesien. Die Saligmaker het voorheen belowe dat Petrus die sleutels van die koninkryk van die hemel sou ontvang (Matt. 16:13–19; 17:1–9; Mark. 9:2–10; Lk. 9:28–36; 2 Petr. 1:16–18). Tydens hierdie belangrike gebeurtenis het die Saligmaker, Moses en Elías (Elía) die beloofde sleutels van die priesterskap aan Petrus, Jakobus en Johannes gegee. Met hierdie priesterskapsleutels het die Apostels die mag gehad om die werk van die koninkryk ná Jesus se Hemelvaart voort te sit.

Joseph Smith het geleer dat Petrus, Jakobus en Johannes ook 'n transfigurasie ondergaan het op die Berg van Transfigurasie. Hulle het 'n visioen van die aarde gesien soos dit sal wees in sy toekomstige verheerlikte toestand (L&V 63:20–21). Hulle het Moses en Elía, twee getransfigureerde wesens, gesien en die stem van die Vader gehoor. Die Vader het gesê: "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het, luister na Hom" (Matt. 17:5).

*Getransfigureerde wesens:* Hulle het die God van Israel gesien, **Ex.** 24:9–11. Die vel van sy gesig het geblink omdat hy met Hom gespreek het, **Ex.** 34:29 (Mark. 9:2–3).

Jesus se gesig het geblink, **Matt.** 17:2 (Mark. 9:2–3). Israel kon nie die oë vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlikheid, **2 Kor.** 3:7.

Abinadi se gelaat het met 'n uitnemende glans gestraal, **Mosia** 13:5–9. Hulle was omring soos met vuur, **Hel.** 5:23, 36, 43–45 (3 Ne. 17:24; 19:14). Hulle was so wit soos die gelaat van Jesus, **3 Ne.** 19:25. Dit het vir hulle gelyk soos 'n transfigurasie, **3 Ne.** 28:15.

Geen mens het God in die vlees gesien nie tensy hy deur die Gees verander is, **L&V** 67:10–12. Deur die krag van die Gees is ons oë geopen, **L&V** 76:12.

Die heerlikheid van God was op Moses, **Moses** 1:2. Sy heerlikheid het op my gerus; en ek het sy aangesig aanskou, want ek is voor Hom getransfigureer, **Moses** 1:11. Ek het die hemele sien oopgaan, en ek is met heerlikheid beklee, **Moses** 7:3–4.

**Trooster.** *Sien ook* Heilige Gees; Jesus Christus

Die skrifture praat van twee Troosters. Die eerste is die Heilige Gees (Joh. 14:26–27; Moro. 8:26; L&V 21:9; 42:17; 90:11). Die Tweede Trooster is die Here Jesus Christus (Joh. 14:18, 21, 23). Wanneer iemand die Tweede Trooster

ontvang, sal Jesus Christus van tyd tot tyd aan hom verskyn, die Vader openbaar, en sal hom van aangesig tot aangesig onderrig (L&V 130:3).

**Tuin van Eden.** *Sien* Eden

**Tuin van Getsémané.** *Sien* Getsémané

**Twaalf Stamme van Israel.** *Sien* Israel—Die twaalf stamme van Israel

**Twaalf, Kworum van die.** *Sien* Apostel

**Tweede Koms van Jesus Christus.** *Sien ook* Armagéddon; Gog; Jesus Christus; Magog; Tekens van die Tye

Aan die begin van die Millenniale era sal Christus na die aarde terugkeer. Hierdie gebeurtenis sal die einde beteken van die verganklike proeftyd van hierdie aarde. Die bose sal verwyder word van die aarde en die regverdiges sal opgeneem word in 'n wolk terwyl die aarde gereinig word. Alhoewel geen mens presies weet wanneer Christus vir die tweede keer sal kom nie, het Hy ons tekens gegee om na op te let wat sal aandui dat die tyd naby is (Matt. 24; JS—M 1).

Ek weet my Verlosser sal as laaste oor die stof opstaan, **Job** 19:25. Voor my sal elke knie neerbuig, by My sal elke tong sweer, **Jes.** 45:23 (L&V 88:104). Die Seun van die Mens het met die wolke van die hemel gekom, **Dan.** 7:13 (Matt. 26:64; Lk. 21:25–28). Hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, **Sag.** 12:10. Iemand sal sê: Watter wonde is daardie tussen jou hande, **Sag.** 13:6 (L&V 45:51). Wie kan die dag van sy koms verdra? Hy sal wees soos die vuur van die smelter, **Mal.** 3:2 (3 Ne. 24:2; L&V 128:24).

Die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlikheid van sy Vader te kom, **Matt.** 16:27 (Matt. 25:31). Van dié dag en dié uur weet niemand nie, maar net my Vader alleen, **Matt.** 24:36 (L&V 49:7; JS—M 1:38–48). Hierdie Jesus sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het, **Hand.** 1:11. Die Here self sal van die hemel neerdaal, **1 Thes.** 4:16. Die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, **2 Petr.** 3:10. Die Here het gekom met sy heilige tienduisendtalle, **Judas** 1:14. Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, **Openb.** 1:7.

Jesus sal staan om die wêreld te oordeel, **3 Ne.** 27:14–18.

Berei julle, berei julle want die Here is naby, **L&V** 1:12. Ek sal myself met krag uit die hemel openbaar en 'n duisend jaar woon op die aarde, **L&V** 29:9–12. Verhef julle stemme en roep bekering en berei die weg van die Here vir sy Tweede Koms, **L&V** 34:5–12. Ek is Jesus Christus en Ek sal skielik na my tempel kom, **L&V** 36:8 (L&V 133:2). Die dag sal spoedig kom dat julle My sal sien en weet dat Ek is, **L&V** 38:8. Hy wat My vrees sal uitkyk vir die tekens van die koms van die Seun van die Mens, **L&V** 45:39. Die aangesig van die Here sal ontsluier word, **L&V** 88:95. Die groot en verskriklike dag van die Here is naby, **L&V** 110:16. Wanneer die Saligmaker sal verskyn, sal ons Hom sien soos Hy is, **L&V** 130:1. Die Saligmaker sal in die midde van sy volk staan en sal heers, **L&V** 133:25. Wie is dit wat van God neerdaal uit die hemel met rooi klere, **L&V** 133:46 (Jes. 63:1).

**Tweede Staat.** *Sien* Sterflik, Sterflikheid

**Tweede Trooster.** *Sien* Trooster

**Twis.** *Sien ook* Rebellie

Stry, redeneer, redekawel. Twis, veral onder lede van die Here se kerk of onder gesinslede, is nie welgevallig vir die Here nie.

Laat daar geen twis wees tussen my

en jou nie, **Gén.** 13:8. Vermetelheid gee net twis af, **Spr.** 13:10.

As die een 'n klag het teen die ander, vergewe soos Christus vergewe het, **Kol.** 3:13. Vermy dwase strydvrae en twis, **Tit.** 3:9.

Die Here beveel mense dat hulle nie met mekaar moet stry nie, **2 Ne.** 26:32. Julle sal nie toelaat dat julle kinders met mekaar baklei en twis nie, **Mosia** 4:14. Alma het beveel dat daar geen twis onder Kerklede moet wees nie, **Mosia** 18:21. Satan het gerugte en twiste versprei, **Hel.** 16:22. Die duiwel is die vader van twis en spoor mense aan om met mekaar te twis, **3 Ne.** 11:29 (Mosia 23:15).

Vestig my evangelie, sodat daar nie soveel twis mag wees nie, **L&V** 10:62–64. Hou op om met mekaar te twis, **L&V** 136:23.

**Tydvak.** *Sien ook* Evangelie; Herstelling van die Evangelie; Priesterskap; Sleutels van die Priesterskap

'n Evangeliese tydvak is 'n tydperk waarin die Here ten minste een gevolmagtigde dienskneg op die aarde het wat die sleutels hou van die heilige priesterskap.

Adam, Henog, Noag, Abraham, Moses, Jesus Christus, Joseph Smith en andere het elkeen 'n nuwe evangeliese tydvak begin. Wanneer die Here 'n tydvak organiseer, word die evangelie opnuut geopenbaar sodat die mense van daardie tydvak nie hoef staat te maak op vorige tydvakke vir kennis van die heilsplan nie. Die tydvak wat begin is deur Joseph Smith staan bekend as die "tydvak van die volheid van tye."

Die God van die hemel het 'n koninkryk verwek, **Dan.** 2:44 (L&V 65).

In die laaste dae sal ek my Gees uitstort op alle vlees, **Hand.** 2:17 (Joël 2:28). Die hemele moet Christus ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, **Hand.** 3:21. In die tydvak van die volheid van tye sal God alle dinge verenig in Christus, **Efés.** 1:10.

Ek sal my Kerk onder hulle vestig, **3 Ne.** 21:22.

Die Here het die sleutels van sy koninkryk en 'n tydvak van die evangelie vir die laaste dae toevertrou, **L&V** 27:13. Die sleutels van hierdie tydvak is toevertrou in jou hande, **L&V** 110:12–16. Alle sleutels van vroeëre tydvakke is herstel in die tydvak van die volheid van tye, **L&V** 128:18–21.

**Uitverkiesing.** *Sien* Voorafverordinering

**Uitverkore**

Die uitverkorenes is diegene wat God liefhet met hulle hele hart en lewens lei wat Hom verbly. Diegene wat sulke lewens van dissipelskap lewe, sal eendag gekies word deur die Here om onder sy gekose kinders te wees.

As dit moontlik was, sal hulle die uitverkorenes bedrieg, **Matt.** 24:24. Johannes was verheug omdat die kinders van die uitverkore vrou getrou en gelowig was, **2 Joh.** 1.

Jou sondes word jou vergewe en jy is 'n uitverkore vrou, **L&V** 25:3. My uitverkorenes hoor my stem en verhard nie hulle harte nie, **L&V** 29:7. Net so sal Ek my uitverkorenes bymekaarmaak uit die vier hoeke van die aarde, **L&V** 33:6. Skrifture sal gegee word vir die verlossing van my eie uitverkorenes, **L&V** 35:20–21. Diegene wat priesterskaproepinge verheerlik word die uitverkorenes van God, **L&V** 84:33–34.

Ter wille van die uitverkorenes, sal die dae van verdrukking verkort word, **JS—M** 1:20.

**Ur**

In die Ou Testament was Ur van die Chaldeërs die oorspronklike tuiste van Abram (Gén. 11:27–28, 31; 15:7; Neh. 9:7; Abr. 2:1, 4).

**Urim en Tummim.** *Sien ook* Borsplaat; Siener

Instrumente wat deur God berei is om die mens te help om openbaring te ontvang en om tale te vertaal. In die Hebreeuse taal beteken dié woorde "ligte en volmaakthede." Die Urim en Tummim bestaan uit twee stene wat in silwer boë geplaas is en word somtyds gebruik met 'n borsplaat (L&V 17:1; JS—G 1:35, 42, 52). Hierdie aarde sal 'n groot Urim en Tummim word in sy geheiligde en onsterflike toestand (L&V 130:6–9).

Jy moet ook in die borstas van beslissing die Urim en Tummim sit, **Ex.** 28:30.
Aan hom wat oorwin, sal Ek 'n wit keursteen gee, **Openb.** 2:17.
Hy besit dit waarmee hy kan kyk en vertaal, **Mosia** 8:13. Hierdie twee stene sal Ek aan jou gee, **Ether** 3:23–24, 28 (Ether 4:5).
Joseph Smith het openbarings ontvang deur die Urim en Tummim, L&V opskrifte van afdelings 6; 11; 14–16. Jy het mag gehad wat aan jou gegee is om te vertaal deur middel van die Urim en Tummim, **L&V** 10:1. Die Drie Getuies sou die Urim en Tummim sien wat aan die broer van Jered op die berg gegee is, **L&V** 17:1. Die plek waar God woon is 'n groot Urim en Tummim. Die wit steen sal 'n Urim en Tummim word vir elke individu wat een ontvang, **L&V** 130:6–11.
Ek, Abraham, het die Urim en Tummim gehad, **Abr.** 3:1, 4.

**Vaandel**

In die skrifture, 'n vlag of banier waaromheen mense vergader in 'n eenheid van doel of identiteit. In die voortyd het 'n vaandel gedien as 'n vergaderpunt vir soldate in 'n stryd. Die Boek van Mormon en die Kerk van Jesus Christus is simboliese vaandels aan alle nasies van die aarde.

Hy sal 'n banier ophef vir die nasies, **Jes.** 5:26 (2 Ne. 15:26). 'n Wortel van Isai sal staan as 'n banier, **Jes.** 11:10 (2 Ne. 21:10; L&V 113:6).
Hef 'n vaandel van vrede op, **L&V** 105:39.

**Vaandel van Vryheid.** *Sien ook* Moroni, Kaptein

'n Banier wat deur Moroni, hoofaanvoerder van die Nefitiese leërs in die Boek van Mormon, opgehef is. Moroni het die banier gemaak om die Nefitiese volk aan te moedig om hulle geloof, vryheid, vrede en gesinne te verdedig.

Moroni het die vaandel van vryheid gemaak uit sy geskeurde mantel, **Alma** 46:12–13. Diegene wat die vaandel sou handhaaf, het 'n verbond gesluit, **Alma** 46:20–22. Moroni het die vaandel laat hys op elke toring, **Alma** 46:36 (Alma 51:20).

**Vader in die Hemel.** *Sien ook* God, Godheid

Die vader van die geeste van die hele mensdom (Ps. 82:6; Matt. 5:48; Joh. 10:34; Rom. 8:16–17; Gal. 4:7; 1 Joh. 3:2). Jesus is sy Eniggebore Seun in die vlees. Die mens is beveel om te gehoorsaam en eerbied te betoon aan die Vader en tot Hom te bid in Jesus se naam.

As julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle Hemelse Vader julle ook vergewe, **Matt.** 6:14 (Matt. 18:35; 3 Ne. 13:14). Julle Hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het, **Matt.** 6:26–33 (3 Ne. 13:26–33). Hoeveel te meer sal die Hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom vra, **Lk.** 11:11–13. Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, **Efés.** 1:3.
Julle is vir ewig in die skuld by julle Hemelse Vader, **Mosia** 2:34. Christus het die naam van die Vader verheerlik, **Ether** 12:8.
Die Heiliges moet getuig van hulle vervolginge voor die Vader uitkom uit sy verborge plek, **L&V** 123:1–3, 6.
Ons het groot en heerlike seëninge

ontvang van ons Hemelse Vader, **JS—G** 1:73.

**Vader, Sterflike.** *Sien ook* Gesin; Ouers; Patriarg, Patriargaal; Patriargale Seëninge

ʼn Heilige titel wat verwys na ʼn man wat ʼn kind verwek of wettiglik aangeneem het.

Eer jou vader en jou moeder, **Ex.** 20:12 (Deut. 5:16; Matt. 19:19; Mosia 13:20). ʼn Vader sal ʼn seun tugtig in wie hy behae het, **Spr.** 3:12.

Vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, **Efés.** 6:1–4.

Ek is in ʼn mate onderrig in al die geleerdheid van my vader, **1 Ne.** 1:1. My vader was ʼn regverdige man—want hy het my geleer, **Enos** 1:1. Alma het vir sy seun gebid, **Mosia** 27:14. Alma het bevele gegee aan sy seuns, **Alma** 36–42. Helaman het sy seuns vernoem na sy voorvaders, **Hel.** 5:5–12. Mormon was altyd gedagtig aan sy seun in sy gebede, **Moro.** 8:2–3.

Groot dinge mag vereis word van vaders, **L&V** 29:48. Elke man is verplig om vir sy eie gesin te sorg, **L&V** 75:28.

Hy het my beveel om na my vader te gaan, **JS—G** 1:49.

**Val van Adam en Eva.** *Sien ook* Adam; Dood, Fisiese; Dood, Geestelike; Eva; Jesus Christus; Natuurlike Mens; Plan van Verlossing; Sterflik, Sterflikheid; Verlos, Verlossing; Versoen, Versoening

Die proses waardeur die mensdom sterflik geword het op hierdie aarde. Toe Adam en Eva van die verbode vrug geëet het, het hulle sterflik geword, dit is, onderhewig aan sonde en die dood. Adam het die "eerste vlees" geword op die aarde (Moses 3:7). Openbarings van die laaste dae maak dit duidelik dat die Val ʼn seëning is en dat Adam en Eva geëer moet word as die eerste ouers van die hele mensdom.

Die Val was ʼn noodsaaklike stap in die mens se ontwikkeling. Omdat God geweet het dat die Val sou plaasvind, het Hy in die vooraardse lewe beplan vir ʼn Saligmaker. Jesus Christus het in die middelpunt van tyd gekom om vir die Val van Adam te versoen en ook vir die mens se individuele sondes op voorwaarde dat die mens bekeer.

Die dag wat jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe, **Gén.** 2:17 (Moses 3:17). En sy neem van sy vrugte en eet, **Gén.** 3:6 (Moses 4:12).

Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word, **1 Kor.** 15:22.

Die ganse mensdom was in ʼn verlore en vervalle toestand, **1 Ne.** 10:6. Die weg is berei vanaf die val van die mens, **2 Ne.** 2:4. Nadat Adam en Eva van die verbode vrug geëet het, is hulle uit die Tuin van Eden verdrywe, **2 Ne.** 2:19. Adam het tot ʼn val gekom sodat die mens mag wees, **2 Ne.** 2:15–26. Die natuurlike mens is ʼn vyand van God, en was gewees vanaf die val van Adam, **Mosia** 3:19. Aäron het Lamoni se vader geleer aangaande die Val, **Alma** 22:12–14. Daar moet ʼn versoening gedoen word, anders is die hele mensdom gevalle en verlore, **Alma** 34:9. Ons eerste ouers is beide stoflik en geestelik afgesny van die teenwoordigheid van God, **Alma** 42:2–15 (Hel. 14:16). Vanweë die Val het ons natuur boos geword, **Ether** 3:2.

Deur die oortreding van hierdie heilige wette het die mens ʼn gevalle mens geword, **L&V** 20:20 (L&V 29:34–44).

Omdat jy geval het, kan jy verlos word, **Moses** 5:9–12. Vanweë oortreding kom die Val, **Moses** 6:59. Mense sal gestraf word vir hulle eie sondes, **Gel. Art.** 1:2.

**Vas.** *Sien ook* Aalmoes, Aalmoese Gee; Armes; Offerande; Welsyn

Om vrywilliglik op te hou om te eet of drink met die doel om nader te kom aan

die Here en sy seëninge te vra. Wanneer individue en groepe vas, moet hulle ook bid om God se wil te verstaan en om groter geestelike krag te ontwikkel. Vas is altyd beoefen deur ware gelowiges.

In die Kerk vandag word een Sabbatdag elke maand aangewys vir die doel om te vas. Gedurende hierdie tyd bly Kerklede sonder voedsel of water vir ʼn tydperk. Hulle skenk dan aan die Kerk die geld wat hulle sou bestee het aan voedsel vir daardie maaltye. Hierdie geld word ʼn vasoffer genoem. Die Kerk gebruik die vasofferandes om die armes en die behoeftiges by te staan.

Ons het gevas en onse God gevra, **Esra** 8:21–23, 31. Ek het gevas en gebid voor die aangesig van die God van die hemel, **Neh.** 1:4. Vas julle om my ontwil, en julle moet nie eet en drink nie, drie dae lank, **Ester** 4:16. Ek het my siel gekwel met vas, **Ps.** 35:13. Is dit die vas wat Ek verkies, **Jes.** 58:3–12. Ek het my aangesig tot die Here God gerig om met vas my aan gebed te wy, **Dan.** 9:3. Bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas, **Joël** 2:12. Ninevé het God geglo, en ʼn vasdag uitgeroep, **Jona** 3:5.

Jesus het vir veertig dae gevas, **Matt.** 4:2 (Ex. 34:28; 1 Kon. 19:8; Lk. 4:1–2). Moenie die mense laat sien dat jy vas nie, **Matt.** 6:18 (3 Ne. 13:16). Hierdie geslag gaan nie uit nie, behalwe deur gebed en vas, **Matt.** 17:21.

Hou aan met vas en gebed, **Omni** 1:26 (4 Ne. 1:12). Hulle het begin om te vas, en te bid tot die Here hulle God, **Mosia** 27:22. Ek het baie dae gevas en gebid dat ek hierdie dinge vir myself mag weet, **Alma** 5:46. Die kinders van God het verenig in vas en kragtige gebed, **Alma** 6:6. Die seuns van Mosia het hulleself oorgegee aan baie gebed en vas, **Alma** 17:3, 9. ʼn Tyd van vas en gebed het na die dood van baie Nefiete gevolg, **Alma** 28:5–6. Hulle het baie gevas en gebid, **Alma** 45:1 (Hel. 3:35).

Laat jou voedsel voorberei word met eenvoud van hart sodat jou vas volmaak mag wees, **L&V** 59:13–14. Julle sal voortgaan in gebed en vas, **L&V** 88:76.

**Veelwywery.** *Sien* Huwelik, Trou—Meervoudige huwelik

**Verag.** *Sien* Haat

**Verbode Vrug.** *Sien* Eden; Val van Adam en Eva

**Verbond.** *Sien ook* Abraham, Verbond van; Eed; Eed en Verbond van die Priesterskap; Nuwe en Ewigdurende Verbond

ʼn Ooreenkoms tussen God en die mens, maar hulle tree nie as gelykes op in die ooreenkoms nie. God stel die voorwaardes van die verbond en die mens stem toe om te doen wat Hy hulle vra om te doen. God belowe dan sekere seëninge aan die mens vir hulle gehoorsaamheid.

Beginsels en ordinansies word ontvang deur middel van ʼn verbond. Lede van die Kerk wat sulke verbonde sluit, belowe om hulle na te kom. Byvoorbeeld, lede sluit ʼn verbond met die Here by die doop en hernu daardie verbond deur die nagmaal te gebruik. Hulle sluit verdere verbonde in die tempel. Die Here se volk is ʼn verbondsvolk en word ryklik geseën as hulle hul verbonde met die Here nakom.

Met jou sal Ek my verbond oprig, **Gén.** 6:18. Onderhou my verbond; dan sal julle my eiendom uit al die volke wees, **Ex.** 19:5. Jy mag met hulle of met hulle gode geen verbond maak nie, **Ex.** 23:32. Onderhou die sabbat as ʼn ewige verbond, **Ex.** 31:16. Ek sal my verbond met julle in ewigheid nie verbreek nie, **Rigt.** 2:1. Versamel my gunsgenote vir My, hulle wat my verbond by die offer sluit, **Ps.** 50:5 (L&V 97:8).

Dink aan sy heilige verbond, **Lk.** 1:72 (L&V 90:24).

Die krag van God het op die ver-

bondsvolk van die Here neergedaal, **1 Ne.** 14:14. Die verbond wat die Here met ons vader Abraham gemaak het, sal vervul word in die laaste dae, **1 Ne.** 15:18 (3 Ne. 16:5, 11–12; 21:7; Morm. 9:37). Koning Benjamin se volk was gewillig om ʼn verbond met God te sluit om sy wil te doen, **Mosia** 5:5. Die doop is ʼn getuienis dat mens ʼn verbond gesluit het met God om Hom te dien, **Mosia** 18:13. Julle is kinders van die verbond, **3 Ne.** 20:25–26. Engele vervul en doen die werk van die verbonde van die Vader, **Moro.** 7:29–31. Die vergieting van die bloed van Christus is die verbond, **Moro.** 10:33.

Elke persoon wat aan hierdie Kerk van Christus behoort, sal strewe om al die verbonde na te kom, **L&V** 42:78. Geseënd is hulle wat die verbond nagekom het, **L&V** 54:6. Hy wat hierdie verbond verbreek, sal sy amp en posisie in die Kerk verloor, **L&V** 78:11–12. Al diegene wat die priesterskap ontvang, ontvang hierdie eed en verbond, **L&V** 84:39–40. Hulle is gewillig om hulle verbonde deur offers na te kom, **L&V** 97:8. Die huweliksverbond kan ewig wees, **L&V** 132. Dit sal ons verbond wees, dat ons sal wandel in al die ordinansies, **L&V** 136:4.

**Verborgenhede van God**

Verborgenhede van God is geestelike waarhede wat net deur openbaring geken kan word. God openbaar sy geheimenisse aan diegene wat gehoorsaam is aan die evangelie. Sommige van God se verborgenhede moet nog openbaar gemaak word.

Dit is aan julle gegee om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, **Matt.** 13:11. Al sou ek die geheimenisse weet en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie, **1 Kor.** 13:2.

Nefi het ʼn groot kennis van die verborgenhede van God gehad, **1 Ne.** 1:1. Dit word aan baie gegee om die verborgenhede van God te ken, **Alma** 12:9. Aan sulkes is dit gegee om die verborgenhede van God te ken, **Alma** 26:22. Hierdie verborgenhede is nog nie ten volle aan my bekend gemaak nie, **Alma** 37:11. Daar is baie verborgenhede wat niemand ken nie behalwe God homself, **Alma** 40:3.

Hoe groot is die verborgenheid van goddelikheid, **L&V** 19:10. As jy vra, sal jy openbaring ontvang en die verborgenhede van die koninkryk ken, **L&V** 42:61, 65 (1 Kor. 2:7, 11–14). Hy wat die gebooie onderhou, sal die verborgenhede van die koninkryk ontvang, **L&V** 63:23. Aan hulle sal Ek alle verborgenhede openbaar, **L&V** 76:7. Die groter priesterskap hou die sleutels van die verborgenhede, **L&V** 84:19. By sy koms sal die Here verborge dinge openbaar wat geen mens geweet het nie, **L&V** 101:32–33. Die Melgisédekse Priesterskap sal die voorreg hê om die verborgenhede van die koninkryk te ontvang, **L&V** 107:19.

**Verderf.** *Sien* Seuns van die Verderf

**Verdoemenis.** *Sien ook* Dood, Geestelike; Duiwel; Hel; Seuns van die Verderf

Die toestand waarin ʼn mens se vooruitgang gestuit en toegang geweier word tot die teenwoordigheid van God en sy heerlikheid. Daar is verskillende grade van verdoemenis. Almal wat nie die volheid van selestiale verheffing ontvang nie, sal tot ʼn sekere mate in hulle vooruitgang en voorregte beperk word en hulle sal tot daardie mate verdoem word.

Wee julle geveinsdes. Julle sal ʼn swaarder oordeel ontvang, **Matt.** 23:14. Hy wat laster teen die Heilige Gees is skuldig aan die ewige oordeel, **Mark.** 3:29. Die wat kwaad gedoen het sal uitgaan tot die opstanding van die veroordeling, **Joh.** 5:29 (3 Ne. 26:5). Hy wat op onwaardige wyse eet en drink, eet

en drink ʼn oordeel oor homself, **1 Kor.** 11:29 (3 Ne. 18:28–29).

As hulle nie wil bekeer, gedoop word, en volhard tot die einde nie, moet hulle verdoem word, **2 Ne.** 9:24 (Mark. 16:16; Ether 4:18; L&V 68:9; 84:74). Die goddelose sal ellendiger wees om by God te woon as by die verdoemde siele in die hel, **Morm.** 9:4.

Hy wat niks doen nie totdat hy beveel word, hy word verdoem, **L&V** 58:29. Hy wat ʼn volheid van die nuwe en ewigdurende verbond ontvang, moet die wet gehoorsaam, of hy sal verdoem word, **L&V** 132:6.

**Verenigde Orde.** *Sien ook* Toewy, Wet van Toewyding

ʼn Organisasie waardeur die Heiliges in die vroeë dae van die herstelde Kerk gestrewe het om die wet van toewyding te leef. Individue het eiendom, goedere en winste gedeel en hierdie dinge ontvang volgens hulle behoeftes en benodigdhede (L&V 51:3; 78:1–15; 104).

In julle stoflike dinge sal julle gelyk wees, **L&V** 70:14. Die Heiliges moes georganiseer word om gelyk in alle dinge te wees, **L&V** 78:3–11 (L&V 82:17–20). Die Here het aan die verenigde orde ʼn openbaring en ʼn gebod gegee, **L&V** 92:1. John Johnson moes ʼn lid van die verenigde orde word, **L&V** 96:6–9. Die Here het algemene opdragte gegee hoe om die verenigde orde te bestuur, **L&V** 104. My volk is nie verenig volgens die eenheid wat verlang word deur die selestiale koninkryk nie, **L&V** 105:1–13.

**Vergewe.** *Sien ook* Bekeer, Bekering; Bely, Belydenis; Vergifnis van Sondes; Versoen, Versoening

Soos gebruik in die skrifture beteken om te vergewe oor die algemeen een van twee dinge: (1) Wanneer God die mens vergewe, kanselleer of stel Hy ʼn gegewe straf vir sonde ter syde. Deur die Versoening van Christus is vergifnis van sondes beskikbaar aan almal wat bekeer, behalwe diegene wat skuldig is aan moord of die onvergeeflike sonde teen die Heilige Gees. (2) Soos mense mekaar vergewe, behandel hulle mekaar met Christelike liefde en het geen slegte gevoelens teenoor diegene wat hulle te na gekom het nie (Matt. 5:43–45; 6:12–15; Lk. 17:3–4; 1 Ne. 7:19–21).

Die Here is lankmoedig, en groot van goedertierenheid, wat die ongeregtigheid en oortreding vergewe, **Núm.** 14:18. Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu, **Jes.** 1:18.

Vergeef ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe, **Matt.** 6:12 (Lk. 11:4; 3 Ne. 13:11). Die Seun van die mens het mag om sondes te vergewe, **Matt.** 9:6 (Matt. 18:35; Mark. 2:10; Lk. 5:20–24). Hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe, **Matt.** 18:21–22 (L&V 98:40). Wie teen die Heilige Gees gelaster het, het geen vergifnis nie, **Mark.** 3:29 (Alma 39:6). As jou broer teen jou sondig en berou kry, vergewe hom, **Lk.** 17:3. Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie, **Lk.** 23:34.

Bid om vergifnis, **1 Ne.** 7:21. Laat die versoenende bloed van Christus geld sodat ons vergifnis van ons sondes mag ontvang, **Mosia** 4:2. As hy sy sondes voor jou en My bely, en bekeer, hom sal jy vergewe, **Mosia** 26:29–31.

Hy wat bekeer en die gebooie onderhou, sal vergewe word, **L&V** 1:32. Steek jou sekel in en jou sondes word jou vergewe, **L&V** 31:5 (L&V 84:61). Hy wat bekeer het van sy sondes, is vergewe, en Ek, die Here, onthou hulle nie meer nie, **L&V** 58:42. Ek sal vergewe wie ek wil vergewe, maar van julle word dit vereis om almal te vergewe, **L&V** 64:10. In sover julle mekaar se oortredings vergewe het, net so sal Ek, die Here, julle vergewe, **L&V** 82:1. Wie Ek liefhet kasty Ek ook, sodat hulle sondes vergewe mag word, **L&V** 95:1.

Ek het jou oortredings vergewe, **Moses** 6:53.

**Vergifnis van Sondes.** *Sien ook* Bekeer, Bekering; Jesus Christus; Vergewe; Versoen, Versoening

Vergifnis vir wandade op voorwaarde van bekering. Vergifnis van sondes word moontlik gemaak deur die Versoening van Jesus Christus. ′n Persoon verkry vergifnis van sy sondes as hy geloof het in Christus, bekeer van sy sondes, die ordinansies van die doop en die oplegging van hande vir die gawe van die Heilige Gees ontvang en God se gebooie gehoorsaam (Gel. Art. 1:3–4).

Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu, **Jes.** 1:16–18.

Dit is my bloed wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes, **Matt.** 26:28 (Hebr. 9:22–28; L&V 27:2). Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word tot vergewing van sondes, **Hand.** 2:38 (Lk. 3:3; L&V 107:20). Elkeen wat in Hom glo, sal vergifnis van sondes ontvang, **Hand.** 10:43 (Mosia 3:13).

Christus is die bron waarna hulle moet kyk vir ′n vergifnis van sondes, **2 Ne.** 25:26. Om ′n vergifnis van sondes te behou, moet ons vir die armes en behoeftiges sorg, **Mosia** 4:11–12, 26. Wie ook al bekeer, sal geregtig wees om barmhartigheid te ontvang tot vergifnis van sy sondes, **Alma** 12:34. Die vervulling van gebooie bring vergifnis van sondes, **Moro.** 8:25.

Die Ääroniese Priesterskap hou die sleutels van die doop deur onderdompeling vir die vergifnis van sondes, **L&V** 13 (L&V 84:64, 74; Gel. Art. 1:4). Ek, die Here, onthou hulle sondes nie meer nie, **L&V** 58:42–43 (Eség. 18:21–22). Hulle is plaasvervangende doop vir die vergifnis van sondes geleer, **L&V** 138:33.

**Verheffing.** *Sien ook* Ewige Lewe; Kroon; Mens die, Mense—Die mens, potensiaal om soos Hemelse Vader te word; Selestiale Heerlikheid; Versoen, Versoening

Die hoogste toestand van geluk en heerlikheid in die selestiale koninkryk.

Versadiging van vreugde is voor u aangesig, **Ps.** 16:11.

Hulle is Gode, naamlik die seuns van God—daarom, alle dinge is hulle s′n, **L&V** 76:58–59. Die heiliges sal hulle erfdeel ontvang en met Hom gelykgemaak word, **L&V** 88:107. Hierdie engele het nie my wet geleef nie; daarom, hulle bly afsonderlik en enkel, sonder verheffing, **L&V** 132:17. Mans en vroue moet trou volgens God se wet ten einde verheffing te bekom, **L&V** 132:19–20. Eng is die poort en smal is die weg wat lei na verheffing, **L&V** 132:22–23. Abraham, Isak en Jakob het hulle verheffing binnegegaan, **L&V** 132:29, 37. Ek verseël op julle jul verheffing, **L&V** 132:49.

**Verkiesing.** *Sien ook* Roeping en Verkiesing

Gebaseer op vooraardse waardigheid, het God diegene gekies wat die nageslag van Abraham en die huis van Israel sou wees en die verbondsvolk sou word (Deut. 32:7–9; Abr. 2:9–11). Hierdie mense word spesiale seëninge en pligte gegee sodat hulle al die nasies van die wêreld kan seën (Rom. 11:5–7; 1 Petr. 1:2; Alma 13:1–5; L&V 84:99). Tog moet ook hierdie gekose mense geroep en gekies word in hierdie lewe ten einde verlossing te verkry.

**Verkorene.** *Sien ook* Roep, Geroepe van God, Roeping

Diegene wat gekeur is deur God vir spesiale verantwoordelikhede.

Ek het ′n verbond gesluit met my uitverkorene, **Ps.** 89:4.

Die heiliges is ′n uitverkore geslag, ′n koninklike priesterdom, **1 Petr.** 2:9.

Christus was God se Geliefde en Uitverkorene van die begin af, **Moses** 4:2.

**Verlore Skriftuurlike Boeke.** *Sien* Skrifture—Verlore skrifture

**Verlore Stamme.** *Sien* Israel—Die tien verlore stamme van Israel

**Verlos, Verlossing.** *Sien ook* Dood, Fisiese; Dood, Geestelike; Heil; Jesus Christus; Val van Adam en Eva; Versoen, Versoening

Om te bevry, te koop, of ʼn losprys te betaal, net soos om ʼn persoon te bevry van slawerny deur betaling. *Verlossing* verwys na die Versoening van Jesus Christus en na bevryding van sonde. Jesus se Versoening verlos die hele mensdom van fisiese dood. Deur sy Versoening word diegene wat geloof in Hom het en wat bekeer, ook verlos van geestelike dood.

Ek het jou verlos, **Jes.** 44:22. Ek sal hulle verlos van die dood, **Hos.** 13:14 (Ps. 49:16).

In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, **Efés.** 1:7, 14 (Hebr. 9:11–15; 1 Petr. 1:18–19; Alma 5:21; Hel. 5:9–12).

Die Here het my siel verlos van die hel, **2 Ne.** 1:15. Verlossing kom in en deur die Heilige Messias, **2 Ne.** 2:6–7, 26 (Mosia 15:26–27; 26:26). Hulle het verlossende liefde gesing, **Alma** 5:9 (Alma 5:26; 26:13). Die bose bly asof daar geen verlossing bewerkstellig is nie, **Alma** 11:40–41 (Alma 34:16; 42:13; Hel. 14:16–18). Jesus Christus het die verlossing van die wêreld teweeggebring, **Morm.** 7:5–7. Die krag van verlossing kom oor almal wat geen wet het nie, **Moro.** 8:22 (L&V 45:54).

Hulle wat nie glo nie, kan nie verlos word van hulle geestelike val nie, **L&V** 29:44. Klein kindertjies word verlos vanaf die grondlegging van die wêreld, **L&V** 29:46. Die Here het sy volk verlos, **L&V** 84:99. Joseph F. Smith het die verlossing van die dode in ʼn visioen gesien, **L&V** 138.

Adam en Eva het hulle verbly in hul verlossing, **Moses** 5:9–11.

**Verlosser.** *Sien ook* Jesus Christus; Saligmaker

Jesus Christus is die Verlosser van die mensdom omdat Hy almal red van die slawerny van die dood en die bekeerling van die straf van sonde. Jesus Christus is die groot Verlosser van die mensdom omdat Hy deur sy versoening die prys betaal het vir die sondes van die mensdom en die opstanding van alle mense moontlik gemaak het.

Die Here is my rots en my redder, **2 Sam.** 22:2 (Ps. 18:3; 144:2). Ek weet my Verlosser leef, **Job** 19:25. U is my hulp en my Verlosser, **Ps.** 40:18 (Ps. 70:6). Ek help jou, spreek die Here, en jou Losser is die Heilige van Israel, **Jes.** 41:14 (Jes. 43:14; 48:17; 54:5; 59:20). Ek die Here is jou Heiland en jou Verlosser, **Jes.** 49:26 (Jes. 60:16).

Jy moet hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos, **Matt.** 1:21. Die Seun van die mens het gekom om sy lewe te gee as ʼn losprys vir baie, **Matt.** 20:28 (1 Tim. 2:5–6). Die Here God van Israel het sy volk besoek en vir hulle verlossing teweeggebring, **Lk.** 1:68. Ons is met God versoen deur die dood van sy Seun, **Rom.** 5:10. Die Verlosser sal uit Sion kom, **Rom.** 11:26. Jesus Christus het Homself vir ons gegee om ons te verlos van alle ongeregtigheid, **Tit.** 2:13–14. Jesus Christus het ons van ons sondes gewas in sy bloed, **Openb.** 1:5.

Verlossing kom in en deur die Heilige Messias, **2 Ne.** 2:6–7, 26. Die Seun het op homself die mens se goddeloosheid en oortredinge geneem, hulle verlos en het aan die eise van geregtigheid voldoen, **Mosia** 15:6–9, 18–27. Christus het gekom om al diegene wat gedoop sal word tot bekering, te verlos, **Alma** 9:26–27. Hy sal in die wêreld kom om sy volk te verlos, **Alma** 11:40–41. Verlossing kom deur bekering, **Alma** 42:13–26. Jesus Christus het gekom om die wêreld te verlos, **Hel.** 5:9–12. Christus het die mensdom verlos van fisiese en

geestelike dood, **Hel.** 14:12–17. Verlossing kom deur Christus, **3 Ne.** 9:17. Ek is Hy wat voorberei was vanaf die grondlegging van die wêreld om my volk te verlos, **Ether** 3:14.

Die Here jou Verlosser het die dood in die vlees gely, **L&V** 18:11. Christus het vir almal gely as hulle bekeer, **L&V** 19:1, 16–20. Klein kindertjies word verlos deur die Eniggeborene, **L&V** 29:46. Ek het my Eniggebore Seun in die wêreld gestuur vir die verlossing van die wêreld, **L&V** 49:5. Christus is die lig en Verlosser van die wêreld, **L&V** 93:8–9. Joseph F. Smith het ′n visioen ontvang van die Verlossing van die dode, **L&V** 138. Die Heiliges het die Seun van God erken as hulle Redder en Verlosser, **L&V** 138:23.

Ons glo dat deur die versoening van Christus die hele mensdom gered mag word, **Gel. Art.** 1:3.

**Verlossing, Plan van.** *Sien* Plan van Verlossing

**Vernietiger.** *Sien ook* Duiwel

Satan is die vernietiger.

Die Here sal nie die verderwer toelaat om in te gaan in julle huise nie, **Ex.** 12:23.

Die vernietiger ry op die waters, **L&V** 61:19. Die wagte kon my wingerd gered het van die vernietiger, **L&V** 101:51–54.

**Veroordeel, Veroordeling.** *Sien ook* Oordeel, Die Laaste; Regter, Oordeel

Om geoordeel of skuldig bevind te word deur God.

God sal ′n slinkse man veroordeel, **Spr.** 12:2.

Ons word getugtig deur die Here, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie, **1 Kor.** 11:32.

Ons woorde, werke, en gedagtes sal ons veroordeel, **Alma** 12:14. Deur dinge te weet en hulle nie te doen nie, kom mense onder oordeel, **Hel.** 14:19. As ons sou ophou om te arbei, sal ons onder oordeel gebring word, **Moro.** 9:6.

Hy wat sy broer nie vergewe nie, staan veroordeel voor die Here, **L&V** 64:9. Hy wat sondig teen die groter lig sal die groter veroordeling ontvang, **L&V** 82:3. Die hele Kerk is onder veroordeling totdat hulle bekeer en die Boek van Mormon onthou, **L&V** 84:54–57.

**Versameling van Israel.** *Sien* Israel—Die versameling van Israel

**Verseël, Verseëling.** *Sien ook* Elía; Ordinansies; Priesterskap

Om die ordinansies geldig te maak in die hemel wat uitgevoer is deur priesterskapgesag op aarde. Ordinansies word verseël wanneer hulle die goedkeuring van die Heilige Gees van Belofte ontvang, wat die Heilige Gees is.

Wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, **Matt.** 16:19 (Matt. 18:18; L&V 124:93; 132:46). In wie julle verseël is met die Heilige Gees van die belofte, **Efés.** 1:13.

Ek gee aan jou mag, dat wat jy ook al sal bind op aarde, gebind sal wees in die hemel, **Hel.** 10:7.

Aan hulle word mag gegee om beide op aarde en in die hemel te verseël, **L&V** 1:8. Diegene in die selestiale heerlikheid is verseël deur die Heilige Gees van Belofte, **L&V** 76:50–70. Elía gee die sleutels van die verseëlingsmagte oor in Joseph Smith se hande, **L&V** 110:13–16. Dit is die seëlings- en die bindingsmag, **L&V** 128:14. Die baie vaster woord van profesie beteken om te weet dat ′n mens verseël is tot die ewige lewe, **L&V** 131:5. Alle verbonde wat nie deur die Heilige Gees van die Belofte verseël is nie, eindig wanneer mense sterwe, **L&V** 132:7. Die groot werk wat in die tempels gedoen moet word sluit die verseëling van kinders aan hulle ouers in, **L&V** 138:47–48.

**Verslae Gees.** *Sien* Gebroke Hart

**Versoek, Versoeking.** *Sien ook* Duiwel; Handelingsmag; Volhard

ʼn Toets van ʼn persoon se vermoë om goed in plaas van kwaad te kies; ʼn verlokking om te sondig en Satan te volg in plaas van God.

Laat ons nie toe om in versoeking gelei te word nie, maar verlos ons van die Bose, **Matt.** 6:13 (3 Ne. 13:12). God sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie, **1 Kor.** 10:13. Christus is in alle opsigte versoek net soos ons, **Hebr.** 4:14–15. Geseënd is die man wat versoeking verdra, **Jak.** 1:12–14.

Die versoekings van die teenstander kan nie diegene oorweldig wat ag slaan op die woord van God nie, **1 Ne.** 15:24 (Hel. 5:12). Die mens kan nie selfstandig handel nie behalwe as hy verlok is deur die een of die ander, **2 Ne.** 2:11–16. Waak en bid gedurig, dat julle nie versoek mag word bo dit wat julle kan verduur nie, **Alma** 13:28. Leer hulle om elke versoeking van die duiwel te weerstaan, met hulle geloof in die Here Jesus Christus, **Alma** 37:33. Bid gedurig sodat julle nie in die versoeking mag kom nie, **3 Ne.** 18:15, 18 (L&V 20:33; 31:12; 61:39).

Pasop vir hoogmoed sodat jy nie in versoeking kom nie, **L&V** 23:1. Adam het onderhewig geword aan die wil van die duiwel omdat hy toegegee het aan versoeking, **L&V** 29:39–40.

Ek was oorgelaat aan alle soorte versoekinge, **JS—G** 1:28.

**Versoen, Versoening.** *Sien ook* Barmhartig, Barmhartigheid; Bekeer, Bekering; Bloed; Genade; Getsémané; Heil; Heiligmaking; Jesus Christus; Kinders van Christus; Kruis; Kruisiging; Nagmaal; Offerande; Onsterflik, Onsterflikheid; Opstanding; Plan van Verlossing; Regverdigmaking, Regverdig; Seuns en Dogters van God; Val van Adam en Eva; Vergewe; Vergifnis van Sondes; Verlos, Verlossing

Om die mens met God te versoen.

Soos gebruik in die skrifture, beteken om te versoen om die straf te ondergaan vir ʼn daad van sonde, om daardeur die gevolge van sonde te verwyder van die bekeerde sondaar en hom toe te laat om met God versoen te word. Jesus Christus was die enigste een wat in staat was om ʼn volmaakte versoening teweeg te bring vir die hele mensdom. Hy was daartoe in staat omdat Hy gekies is en voorafverordineer is in die Groot Raadsvergadering voordat die wêreld gevorm is (Ether 3:14; Moses 4:1–2; Abr. 3:27), en omdat hy letterlik die Seun van God is en sy sondelose lewe. Sy Versoening het sy lyding vir die sondes van die mensdom ingesluit, die stort van sy bloed, en sy dood en daaropvolgende opstanding uit die graf (Jes. 53:3–12; Lk. 22:44; Mosia 3:5–11; Alma 7:10–13; L&V 19:16–19). As gevolg van die Versoening, sal alle mense opstaan uit die dood met onsterflike liggame (1 Kor. 15:22). Die Versoening verskaf ook die weg vir ons om vergewe te word van ons sondes en vir altyd met God te lewe. Maar ʼn persoon wat die ouderdom van toerekenbaarheid bereik het en die wet ontvang het, kan hierdie seëninge ontvang slegs as hy geloof het in Jesus Christus, van sy sondes bekeer, die ordinansies van verlossing ontvang, en die gebooie van God gehoorsaam. Diegene wat nie die ouderdom van toerekenbaarheid bereik nie, en diegene sonder die wet, word verlos deur die Versoening (Mosia 15:24–25; Moro. 8:22). Die skrifture leer duidelik dat as Christus nie vir ons sondes versoen het nie, geen wet, ordinansie, of offerande die eise van geregtigheid sou bevredig nie, en ʼn mens kon nooit na God se teenwoordigheid terugkeer nie (2 Ne. 2; 9).

Dit is my bloed, uitgestort vir baie vir die vergifnis van sondes, **Matt.**

26:28. Sy sweet het geword soos groot druppels bloed, **Lk.** 22:39–44. Ek sal my vlees gee vir die lewe van die wêreld, **Joh.** 6:51. Ek is die opstanding, en die lewe, **Joh.** 11:25. Christus is die bewerker van ewige heil aan hulle almal wat gehoorsaam is, **Hebr.** 5:9. Ons word geheilig deur die stort van die bloed van Christus, **Hebr.** 9; 10:1–10. Christus het ook eenmaal gely vir sondes, **1 Petr.** 3:18. Die bloed van Jesus Christus reinig ons van alle sonde, **1 Joh.** 1:7.

Hy is verhoog op die kruis en gedood vir sondes, **1 Ne.** 11:32–33. Verlossing kom na diegene wat 'n gebroke hart en 'n verslae gees het, **2 Ne.** 2:3–10, 25–27. Hy het homself as offerande geoffer vir sonde, **2 Ne.** 2:7. Die Versoening koop die mens los van die Val en red hulle van die dood en hel, **2 Ne.** 9:5–24. Dit moet noodwendig 'n oneindige versoening wees, **2 Ne.** 9:7. Wees versoen met God deur die versoening van Christus, **Jakob** 4:11. Sy bloed versoen vir die sondes van diegene wat onkundig gesondig het, **Mosia** 3:11–18. Die mens het heil ontvang deur die versoening, **Mosia** 4:6–8. As dit nie vir die Versoening was nie, moes hulle onvermydelik omkom, **Mosia** 13:27–32. Hy sal versoen vir die sondes van die wêreld, **Alma** 34:8–16. God self versoen vir die sondes van die wêreld, om die plan van barmhartigheid teweeg te bring, **Alma** 42:11–30. Ek is die God van die hele aarde, gedood vir die sondes van die wêreld, **3 Ne.** 11:14.

Ek, God, het hierdie dinge gely vir almal, **L&V** 19:16. Klein kindertjies is verlos deur my Eniggeborene, **L&V** 29:46–47. Aanskou die lyding en dood van Hom wat geen sonde gedoen het nie, **L&V** 45:3–5.

Hierdie ding is 'n sinnebeeld van die offerande van die Eniggeborene, **Moses** 5:7. Deur die Versoening van Christus mag die hele mensdom gered word, **Gel. Art.** 1:3.

**Verstand**

Verstandelike vermoëns; bewustelike vermoë.

Dien Hom met 'n volkome hart en met 'n gewillige siel, **1 Kron.** 28:9.

Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele verstand, **Matt.** 22:37.

Om vleeslik gesind te wees is die dood, en om geestelik gesind te wees is die ewige lewe, **2 Ne.** 9:39. Die stem van die Here het in my verstand gekom, **Enos** 1:10. Die woord het 'n kragtiger effek op die gemoed van die volk as die swaard gehad, **Alma** 31:5.

Ek sal jou in jou verstand vertel, **L&V** 8:2. Gaan dit na in jou verstand, **L&V** 9:8. Hou die plegtighede van die ewigheid in gedagte, **L&V** 43:34. Julle verstand is in die verlede verduister, **L&V** 84:54. Gaan vroeg bed toe, staan vroeg op sodat julle liggame en verstand versterk mag word, **L&V** 88:124.

Satan het nie die bedoeling van God geken nie, **Moses** 4:6. Die Here het sy volk Sion genoem, omdat hulle van een hart en een gedagte was, **Moses** 7:18.

**Verstrooiing.** *Sien* Israel—Die verstrooiing van Israel

**Verstrooiing van Israel.** *Sien* Israel—Die verstrooiing van Israel

**Vertaal**

Om die betekenis van 'n idee wat in een taal gegee is, net so goed in 'n ander taal uit te druk (Mosia 8:8–13; Gel. Art. 1:8). In die skrifture word daar dikwels na verwys as 'n gawe van God (Alma 9:21; L&V 8; 9:7–9). Somtyds kan dit beteken om 'n bestaande vertaling in 'n taal te verbeter of reg te stel of om 'n verlore teks te herstel (L&V 45:60–61). Joseph Smith is beveel om 'n geïnspireerde vertaling van die King James-Bybel te onderneem (L&V 42:56; 76:15).

Joseph Smith het die mag gehad om deur die barmhartigheid van God en deur die krag van God te vertaal, **L&V**

1:29. Jy het ʼn gawe om te vertaal, **L&V** 5:4. Ek skenk aan jou ʼn gawe, as jy dit van My begeer, om te vertaal, **L&V** 6:25. God het aan Joseph Smith krag van bo gegee om die Boek van Mormon te vertaal, **L&V** 20:8.

Deur middel van die Urim en Tummim het ek sommige van die karakters vertaal, **JS—G** 1:62 (Mosia 8:13; 28:13).

**Vertrou.** *Sien ook* Geloof, Glo; Vertroue

Om op iets staat te maak of vertroue in iemand of iets te stel. In geestelike sake, sluit vertroue in om op God en sy Gees staat te maak.

Al wil Hy my ombring—ek hoop op Hom, **Job** 13:15. Vertrou op die Here met jou hele hart, **Spr.** 3:5. God het sy diensknegte wat op Hom vertrou het verlos, **Dan.** 3:19–28.

Ek sal op U vertrou vir altyd, **2 Ne.** 4:34. Verheug julle en stel julle vertroue in God, **Mosia** 7:19. Wie ook al sy vertroue in Hom stel, sal op die laaste dag verhef word, **Mosia** 23:22. Wie ook al hulle vertroue in God sal plaas, sal gesteun word in hulle beproewings, **Alma** 36:3, 27.

Vertrou nie op die arm van vlees nie, **L&V** 1:19. Plaas jou vertroue in daardie Gees wat lei om goed te doen, **L&V** 11:12. Laat hom in My vertrou en hy sal nie beskaam word nie, **L&V** 84:116.

**Vertroue.** *Sien ook* Geloof, Glo; Vertrou

Om ʼn versekering, geloof of vertroue te hê in iets, veral God en Jesus Christus.

Dit is beter om by die Here te skuil as om op mense te vertrou, **Ps.** 118:8. Die Here sal jou vertroue wees, **Spr.** 3:26.

Wanneer Christus sal verskyn, mag ons vrymoedigheid hê, **1 Joh.** 2:28.

Die bose Nefiete het die vertroue van hul kinders verloor, **Jakob** 2:35.

Dan sal jou vertroue toeneem in die teenwoordigheid van God, **L&V** 121:45.

**Vervolg, Vervolging.** *Sien ook* Teenstand

Om andere angs of pyn te veroorsaak vanweë hulle geloof of sosiale status; om te kwel of onderdruk.

Geseënd is dié wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, **Matt.** 5:10 (3 Ne. 12:10). Bid vir dié wat julle beledig en julle vervolg, **Matt.** 5:44 (3 Ne. 12:44).

Omdat hulle ryk is, vervolg hulle die sagmoediges, **2 Ne.** 9:30 (2 Ne. 28:12–13). Die regverdiges wat uitsien na Christus, ondanks alle vervolging, sal nie vergaan nie, **2 Ne.** 26:8.

Al hierdie dinge sal vir jou ervaring gee, **L&V** 122:7.

**Verwek.** *Sien ook* Eniggeborene; Kinders van Christus; Seuns en Dogters van God; Wedergebore, Gebore uit God

Om gebore te word. Om te verwek is om geboorte te gee, om lewe te skenk, of om in die lewe te roep. In die skrifture word hierdie woorde dikwels gebruik om te beteken om uit God gebore te word. Alhoewel Jesus Christus die enigste kind is wat gebore is van die Vader in sterflikheid, mag alle mense geestelik gebore word uit Christus deur Hom aan te neem, sy gebooie te onderhou, en nuwe mense te word deur die mag van die Heilige Gees.

Hierdie dag het ek jou gegenereer, **Ps.** 2:7 (Hand. 13:33; Hebr. 1:5–6; 5:5).

Sy heerlikheid was van die Eniggeborene van die Vader, **Joh.** 1:14 (2 Ne. 25:12; Alma 12:33–34; L&V 76:23). God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy Eniggebore Seun gegee het, **Joh.** 3:16 (L&V 20:21).

Christus het sy volk geestelik verwek, **Mosia** 5:7.

Diegene wat gegenereer is deur die Here, is die Kerk van die Eersgeborene, **L&V** 93:22.

**Vieslik, Vieslikheid.** *Sien ook* Boos, Boosheid; Onregverdig, Onregverdigheid; Rein en Onrein; Sonde

Geestelike onreinheid vanweë opsetlike ongehoorsaamheid aan God.

Die Here sal die onreinheid van die dogters van Sion afwas, **Jes.** 4:4 (2 Ne. 14:4).

Die koninkryk van God is nie vieslik nie, **1 Ne.** 15:34 (Alma 7:21). Hulle wat vieslik is, sal steeds vieslik wees, **2 Ne.** 9:16 (Morm. 9:14). Hoe sal julle voel, as julle voor die gerig van God staan, met julle gewaad bevlek met vieslikheid, **Alma** 5:22.

Hulle moet nog vieslik bly, **L&V** 88:35.

Wanneer sal ek rus, en gereinig word van vieslikheid, **Moses** 7:48.

**Visioen.** *Sien ook* Droom; Eerste Visioen; Openbaring

'n Sigbare openbaring van 'n gebeurtenis, persoon of ding deur die mag van die Heilige Gees.

Voorbeelde van belangrike visioene sluit die volgende in: Eségiël se visioen van die laaste dae (Eség. 37–39), Stéfanus se visioen van Jesus wat aan die regterhand van God staan (Hand. 7:55–56), Johannes se openbaring aangaande die laaste dae (Openb. 4–21), Lehi en Nefi se visioen van die boom van die lewe (1 Ne. 8; 10–14). Alma die Jongere se visioen van 'n engel van die Here (Mosia 27), die broer van Jered se visioen van al die bewoners van die aarde (Ether 3:25), die visioen van die heerlikhede (L&V 76), visioene gegee aan Joseph Smith en Oliver Cowdery in die Kirtland Tempel (L&V 110), Joseph F. Smith se visioen van die verlossing van die dode (L&V 138). Moses se visioen van God en sy skeppinge (Moses 1), Henog se visioen van God (Moses 6–7), en Joseph Smith se Eerste Visioen (JS—G 1).

As daar geen openbaring is nie, word die volk bandeloos, **Spr.** 29:18. Julle jongelinge sal visioene sien, **Joël** 2:28 (Hand. 2:17).

Hy het my snags kennis gegee deur visioene, **2 Ne.** 4:23.

Hy was 'n boodskapper wat gestuur is vanaf God se teenwoordigheid, **JS—G** 1:33. Ons glo in profesie, openbaring, visioene, **Gel. Art.** 1:7.

**Vlees.** *Sien ook* Liggaam; Natuurlike Mens; Sterflik, Sterflikheid; Vleeslik

*Vlees* het verskeie betekenisse: (1) die sagte weefsel waarvan die menslike liggaam, diere, voëls en visse saamgestel is; (2) sterflikheid; of (3) die fisiese of vleeslike aard van die mens.

*Liggaamsweefsel:* Diere sal vir julle voedsel wees, **Gén.** 9:3. Diere moet nie onnodig gedood word nie, **JSV, Gén.** 9:10–11 (L&V 49:21).

Diere en voëls is vir die mens om te eet en as klere te gebruik, **L&V** 49:18–19 (L&V 59:16–20). Ons moet vleis spaarsaam eet, **L&V** 89:12–15.

*Sterflikheid:* Jesus is die eniggebore van die Vader in die vlees, **Joh.** 1:14 (Mosia 15:1–3).

Adam het die eerste vlees geword, **Moses** 3:7.

*Vleeslike aard van die mens:* Vervloek is die man wat vlees sy arm maak, **Jer.** 17:5.

Die gees is gewillig, maar die vlees is swak, **Mark.** 14:38. Die begeerlikheid van die vlees is nie uit die Vader nie, **1 Joh.** 2:16.

Nefi was bedroef vanweë sy vlees en sy goddelooshede, **2 Ne.** 4:17–18, 34. Versoen julle nie met die duiwel en die vlees nie, **2 Ne.** 10:24.

**Vleeslik.** *Sien ook* Natuurlike Mens; Val van Adam en Eva; Wellus, Wellustigheid

Iets wat nie geestelik is nie; in die besonder mag die woord gebruik word

om te beteken óf sterflik en verganklik (L&V 67:10), óf wêrelds, vleeslik en sinlik (Mosia 16:10–12).

Om vleeslik gesind te wees is die dood, **2 Ne.** 9:39. Die duiwel sus mense weg in vleeslike gerustheid, **2 Ne.** 28:21. Hulle het hulself aanskou in hulle eie vleeslike toestand, **Mosia** 4:2. Hy wat volhou in sy eie vleeslike natuur, bly in sy vervalle toestand, **Mosia** 16:5. Almal moet gebore word uit God, en verander word van hul vleeslike en vervalle toestand, **Mosia** 27:25. Die mensdom het vleeslik, sinlik en duiwels geword, **Alma** 42:10.

Diegene wat hulle eie wil en vleeslike begeertes navolg, moet val, **L&V** 3:4. Die mens kan God nie sien met ʹn vleeslike verstand nie, **L&V** 67:10–12.

Die mens het begin om vleeslik, wellustig en duiwels te word, **Moses** 5:13; 6:49.

**Vloed tydens Noag se Tyd.** *Sien ook* Ark; Noag, Bybelse Patriarg; Reënboog

Gedurende Noag se tyd was die aarde heeltemal bedek met water. Dit was die doop van die aarde en het ʹn reiniging gesimboliseer (1 Petr. 3:20–21).

God sal ʹn watervloed oor die aarde bring om alle vlees te verdelg, **Gén.** 6:17 (Moses 7:34, 43, 50–52; 8:17, 30). Die waters van die vloed was op die aarde, **Gén.** 7:10. God het ʹn boog in die wolke opgerig as ʹn teken van die verbond, **Gén.** 9:9–17.

Nadat die waters teruggetrek het, het die land Amerika ʹn gekose land geword, **Ether** 13:2.

Die bose sal vergaan in die vloed, **Moses** 7:38; 8:24.

**Vloek, Vervloekings.** *Sien ook* Oneerbiedigheid; Verdoemenis

In die skrifture is ʹn vloek die toepassing van ʹn goddellike wet wat oordele toelaat of bring en hulle gevolge oor ʹn ding, persoon, of mense, hoofsaaklik vanweë onregverdigheid. Vervloekings is ʹn openbaring van God se goddelike liefde en geregtigheid. Hulle mag direk deur God uitgespreek word of deur sy gemagtigde diensknegte. Somtyds is die volle redes vir vervloekings slegs aan God bekend. Daarbenewens word ʹn vervloekte toestand ervaar deur diegene wat God opsetlik ongehoorsaam en hulleself daardeur onttrek van die Gees van die Here.

Die Here mag vervloekings ophef vanweë die individu of mense se geloof in Jesus Christus en gehoorsaamheid aan die wette en ordinansies van die evangelie (Alma 23:16–18; 3 Ne. 2:14–16; Gel. Art. 1:3).

God het die slang vervloek omdat hy vir Adam en Eva bedrieg het, **Gén.** 3:13–15 (Moses 4:19–21). Die grond is vervloek vir Adam en Eva se ontwil, **Gén.** 3:17–19 (Moses 4:23–25). Die Here het vir Kain vervloek omdat hy vir Abel doodgemaak het, **Gén.** 4:11–16 (Moses 5:22–41). Die Here het vir Kanaän en sy afstammelinge vervloek, **Gén.** 9:25–27 (Moses 7:6–8; Abr. 1:21–27). Israel sal geseën word as hy gehoorsaam is aan God en vervloek as hy ongehoorsaam is, **Deut.** 28 (Deut. 29:18–28). Gehási en sy afstammelinge was vervloek met die melaatsheid van Naäman, **2 Kon.** 5:20–27. Die Here het die Israelitiese nasie van die voortyd vervloek omdat hulle nie tiendes en offerandes betaal het nie, **Mal.** 3:6–10.

Jesus het ʹn vyeboom vervloek en dit het doodgegaan, **Mark.** 11:11–14, 20–21. Jesus het die stede van Górasin, Betsáida, en Kapérnaüm vervloek, **Lk.** 10:10–15.

Omdat die Lamaniete nie op die Here ag geslaan het nie, is hulle afgesny van die teenwoordigehid van die Here en vervloek, **2 Ne.** 5:20–24. Almal word uitgenooi om na die Here te kom, **2 Ne.** 26:33. Die Here sal diegene vervloek wat hoerery pleeg, **Jakob** 2:31–33. Die Nefiete sal ʹn groter vloek ontvang as

die Lamaniete tensy hulle bekeer, **Jakob** 3:3–5. Rebelse mense bring vervloeking op hulleself, **Alma** 3:18–19 (Deut. 11:26–28). Korihor was vervloek omdat hy mense weggelei het van God, **Alma** 30:43–60. Die Here het Nefitiese lande en rykdomme vervloek vanweë die mense se goddelooshede, **Hel.** 13:22–23 (2 Ne. 1:7; Alma 37:31). Die Here het die goddelose Jerediete vervloek, **Ether** 9:28–35. Christus se Versoening verwyder die vloek van Adam van kindertjies, **Moro.** 8:8–12.

Diegene wat wegdraai van die Here word vervloek, **L&V** 41:1. Die aarde sal met ’n banvloek getref word tensy daar ’n smeeskakel is tussen vaders en kinders, **L&V** 128:18 (Mal. 4:5–6).

*Oneerbiedigheid:* Om te vloek is ook om taal te gebruik wat onheilig, godslasterlik of veragtend is.

Mense moet nie hul vaders of moeders vloek nie, **Ex.** 21:17 (Matt. 15:4). Moet nie diegene vloek wat oor jou heers nie, **Ex.** 22:28 (Pred. 10:20). Mans en vroue moet nie vir God vloek nie, **Lev.** 24:13–16.

Petrus het gevloek toe hy ontken het dat hy Jesus ken, **Matt.** 26:69–74.

Goddelose Nefiete het God vervloek en wou sterf, **Morm.** 2:14.

**Voel.** *Sien ook* Heilige Gees

Om die influisteringe van die Gees waar te neem.

Julle was gevoelloos sodat julle sy woorde nie kon voel nie, **1 Ne.** 17:45. Wanneer julle hierdie bewegings van swelling voel, sal julle begin sê dat dit ’n goeie saad is, **Alma** 32:28.

Julle sal voel dat dit reg is, **L&V** 9:8. Alle mense wat die Here se huis sal binnegaan, kan u mag voel, **L&V** 109:13.

**Volhard.** *Sien ook* Geduld; Teenstand; Versoek, Versoeking

Om standvastig te wees in ’n verbintenis om getrou te wees aan die gebooie van God ten spyte van versoeking, teenstand en teenspoed.

Wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word, **Matt.** 10:22 (Mark. 13:13). Hulle het geen wortel in hulleself nie en volhard so net vir ’n rukkie, **Mark.** 4:17. Die liefde verdra alles, **1 Kor.** 13:7. Nadat Abraham geduldig volhard het, het hy die belofte verkry, **Hebr.** 6:15.

As hulle tot die einde toe volhard, sal hulle op die laaste dag verhef word, **1 Ne.** 13:37. As julle gehoorsaam sal wees aan die gebooie, en volhard tot die einde toe, sal julle gered word, **1 Ne.** 22:31 (Alma 5:13). As julle vorentoe sal beur en julle verlustig in die woord van Christus, en volhard tot die einde toe, sal julle die ewige lewe hê, **2 Ne.** 31:20 (3 Ne. 15:9; L&V 14:7). Wie ook al op hom my Naam neem en volhard tot die einde toe, sal gered word, **3 Ne.** 27:6.

Wie ook al in my kerk volhard tot die einde toe, hom sal Ek vestig op my rots, **L&V** 10:69. Hy wat in geloof volhard, sal die wêreld oorwin, **L&V** 63:20, 47. Alle trone en heerskappye sal verleen word aan almal wat moedig volhard het vir die evangelie van Jesus Christus, **L&V** 121:29.

**Volmaak**

Volkome, heel en ten volle ontwikkeld; heeltemal regverdig. Volmaak kan ook beteken sonder sonde of boosheid. Net Christus was heeltemal volmaak. Ware volgelinge van Christus mag volmaak word deur sy genade en Versoening.

Laat julle hart dan volkome met die Here ons God wees, **1 Kon.** 8:61.

Wees julle dan volmaak, soos julle Vader in die hemele volmaak is, **Matt.** 5:48 (3 Ne. 12:48). As iemand in woorde nie struikel nie, is hy ’n volmaakte man, **Jak.** 3:2.

Geloof is nie om ’n volmaakte kennis van dinge te hê nie, **Alma** 32:21, 26. Die Versoening is gedoen sodat God ’n volmaakte God mag wees, **Alma** 42:15.

Moroni was ʼn man van volmaakte begrip, **Alma** 48:11–13, 17–18. Die Gees van Christus word aan elke mens gegee om te oordeel en met ʼn volmaakte kennis te weet of iets van God of van die duiwel is, **Moro.** 7:15–17. Kom na Christus en word volmaak in Hom, **Moro.** 10:32.

Volhard in geduld totdat julle volmaak is, **L&V** 67:13. Dit is hulle wat regverdige manne is wat deur Jesus vervolmaak is, **L&V** 76:69. Die ampte in die Kerk is om die Heiliges te vervolmaak, **L&V** 124:143 (Efés. 4:11–13). Die lewendes is nie volmaak sonder hulle dode nie, **L&V** 128:15, 18.

Noag was ʼn regverdige man en volmaak in sy geslag, **Moses** 8:27.

**Vooraardse Lewe.** *Sien ook* Begin; Mens die, Mense; Oorlog in die Hemel; Raadsvergadering in die Hemel

Die lewe voor die aardse lewe. Alle mense het by God gewoon as sy geesteskinders voordat hulle as sterflike wesens na die aarde toe gekom het. Dit word somtyds die eerste staat genoem (Abr. 3:26).

Toe God die fondamente van die aarde gelê het, het al die kinders van God saam gejubel, **Job** 38:4–7. Die gees sal na God terugkeer wat dit gegee het, **Pred.** 12:7. Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken, **Jer.** 1:4–5.

Ons is ook sy geslag, **Hand.** 17:28. God het ons gekies voor die grondlegging van die wêreld, **Efés.** 1:3–4. Ons moet aan die Vader van die geeste onderworpe wees, **Hebr.** 12:9. En die engele wat hul eerste staat nie behou het nie, het hy met ewige boeie onder die duisternis bewaar, **Judas** 1:6 (Abr. 3:26). Die duiwel en sy engele is neergewerp, **Openb.** 12:9.

Hulle is geroep en voorberei vanaf die grondlegging van die wêreld, **Alma** 13:3.

Christus het oor die uitspansel van die ewigheid en die Leërskare van die hemel gekyk voordat die wêreld gevorm is, **L&V** 38:1. Die mens was ook aan die begin by God, **L&V** 93:29 (Hel. 14:17; L&V 49:17). Adellike geeste is in die begin gekies om heersers in die Kerk te wees, **L&V** 138:53–55. Baie het hulle eerste lesse in die geesteswêreld ontvang, **L&V** 138:56.

Alle dinge is geestelik geskape voordat hulle op die aarde was, **Moses** 3:5. Ek het die wêreld en mense gemaak voordat hulle in die vlees was, **Moses** 6:51. Abraham het die intelligensies gesien wat georganiseer was voordat die wêreld was, **Abr.** 3:21–24.

**Voorafverordinering.** *Sien ook* Vooraardse Lewe

God se vooraardse verordinering van sy getroue geesteskinders om sekere sendings te vervul gedurende hulle sterflike lewens.

God het die grense van die volke vasgestel, **Deut.** 32:8. Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou tot ʼn profeet vir die nasies gemaak, **Jer.** 1:5.

God het voorafbepaalde tye vasgestel, **Hand.** 17:26. Dié wat Hy vantevore geken het, het Hy ook vantevore geordineer, **Rom.** 8:28–30. Hy het ons in Hom gekies voor die grondlegging van die wêreld, **Efés.** 1:3–4. Jesus Christus is vooruit geken om die Verlosser te wees, **1 Petr.** 1:19–20 (Openb. 13:8).

Hulle is geroep en voorberei vanaf die grondlegging van die wêreld, **Alma** 13:1–9.

Ek het die adellikes en grotes waargeneem wat in die begin gekies was, **L&V** 138:55–56.

My Geliefde Seun was vanaf die begin gekies, **Moses** 4:2. Abraham is gekies voordat hy gebore is, **Abr.** 3:23.

**Voorbeeld**

ʼn Model wat ʼn persoon kan volg om sekere resultate te verkry. In die

skrifture beteken *voorbeeld* gewoonlik 'n model om 'n sekere wyse te leef of om iets te bou.

Die Here het Israel beveel om 'n tabernakel te bou volgens die voorbeeld wat aan Moses getoon is, **Ex.** 25. Dawid het aan Salomo die voorbeeld gegee om die tempel te bou, **1 Kron.** 28:11–13.

Dat Jesus Christus in my 'n voorbeeld mag betoon vir die wat in Hom sal glo, **1 Tim.** 1:16.

Ek sal aan julle 'n voorbeeld in alle dinge gee sodat julle nie bedrieg mag word nie, **L&V** 52:14.

**Voorhangsel**

'n Verdeler wat areas van die tabernakel of tempel skei.

Die voorhangsel moet vir julle 'n skeiding maak tussen die heilige en die allerheiligste, **Ex.** 26:33.

Die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur ten tye van sy kruisiging, **Matt.** 27:51 (Mark. 15:38; Lk. 23:45).

Die voorhangsel vir die bedekking van my tempel sal weggeneem word, **L&V** 101:23.

**Voorraadskuur.** *Sien ook* Welsyn

'n Plek waar 'n biskop toegewyde offerandes van Heiliges van die Laaste Dae ontvang, beheer en aan die armes uitdeel. Elke voorraadskuur mag so groot of so klein wees soos wat omstandighede vereis. Getroue Heiliges skenk talente, vaardighede, goedere en finansiële bydraes aan die biskop om vir die armes te sorg ten tye van nood. Daarom mag 'n voorraadskuur 'n lys van beskikbare dienste, geld, voedsel of ander artikels insluit. Die biskop is die agent van die voorraadskuur en versprei goedere en dienste volgens behoefte en soos hy gelei word deur die Gees van die Here (L&V 42:29–36; 82:14–19).

Hulle moet voedsel versamel en wegbêre teen die sewe jaar van hongersnood, **Gén.** 41:34–36, 46–57. Bring die hele tiende na die skathuis, **Mal.** 3:10 (3 Ne. 24:10).

Laat die biskop 'n voorraadskuur vestig vir hierdie Kerk, **L&V** 51:13. Oortollige goedere moet aan my voorraadskuur gegee word, **L&V** 70:7–8. Die Heiliges moet 'n voorraadskuur organiseer en vestig, **L&V** 78:1–4. Kinders het aanspraak op die Here se voorraadskuur as hulle ouers nie het nie, **L&V** 83:5.

**Voorspraak.** *Sien ook* Jesus Christus

Jesus Christus is ons Voorspraak by die Vader (Moro. 7:28) en bepleit ons saak by Hom.

Jesus Christus is ons Voorspraak by die Vader, **1 Joh.** 2:1 (L&V 110:4).

Jesus sal voorspraak doen vir almal, **2 Ne.** 2:9 (Hebr. 7:25). Jesus het die oorwinning behaal oor die dood, wat Hom mag gee om voorspraak te doen vir die kinders van mense, **Mosia** 15:8.

Ek is julle Voorspraak by die Vader, **L&V** 29:5. Jesus Christus bepleit julle saak, **L&V** 45:3–5.

**Vra.** *Sien ook* Gebed

Om te bid, te vra, of God te smeek om 'n besondere guns.

Bid, en vir julle sal gegee word, **Matt.** 7:7. As iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, **Jak.** 1:5 (JS—G 1:7–20).

Vra My in geloof, **1 Ne.** 15:11. As julle hulle nie kan verstaan nie, sal dit wees omdat julle nie vra nie, **2 Ne.** 32:4. Vra in opregtheid van hart, **Mosia** 4:10. God gee aan julle wat julle ook al vra wat reg is, in geloof, **Mosia** 4:21. Vra God of hierdie dinge nie waar is nie, **Moro.** 10:4.

Hulle het die duisternis lief eerder as die lig; daarom, hulle sal My nie vra nie, **L&V** 10:21. Julle word beveel in alle dinge om God te vra, **L&V** 46:7.

**Vrede.** *Sien ook* Millennium; Rus; Vredemaker

In die skrifture kan vrede óf vryheid van konflik en onrus beteken óf die innerlike kalmte en vertroosting wat gebore word uit die Gees wat God aan sy getroue Heiliges gee.

*Vryheid van konflik en onrus:* Hy laat oorloë ophou, **Ps.** 46:10. Hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie, **Jes.** 2:4.

Leef in vrede met alle mense. Moenie julle wreek nie, **Rom.** 12:18–21.

Daar was steeds vrede in die land, **4 Ne.** 1:4, 15–20.

Verwerp oorlog en verkondig vrede, **L&V** 98:16. Verhef 'n vredesvaandel, **L&V** 105:39.

*Vrede van God aan die gehoorsames:* Die Saligmaker sal Vredevors genoem word, **Jes.** 9:5. Daar is geen vrede vir die goddelose nie, **Jes.** 48:22.

Daar was 'n menigte van die hemelse skare wat God prys en sê: Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, **Lk.** 2:13–14. Vrede laat Ek vir julle na, **Joh.** 14:27. Die vrede van God gaan alle verstand te bowe, **Filip.** 4:7.

Koning Benjamin se volk het gemoedsrus ontvang, **Mosia** 4:3. Hoe lieflik op die berge is die voete van diegene wat vrede verkondig, **Mosia** 15:14–18 (Jes. 52:7). Alma het tot die Here geroep en vrede gevind, **Alma** 38:8. Die geeste van die regverdiges word in 'n toestand van vrede ontvang, **Alma** 40:12.

Het Ek nie vrede tot julle gespreek aangaande die saak nie, **L&V** 6:23. Wandel in die ootmoed van my Gees en jy sal vrede hê in My, **L&V** 19:23. Hy wat die werke van regverdigheid doen, sal vrede ontvang, **L&V** 59:23. Beklee julle met die band van liefde, wat die band van volmaaktheid en vrede is, **L&V** 88:125. My seun, vrede vir jou siel, **L&V** 121:7.

Toe ek gevind het daar is groter vrede, het ek gesoek vir die seëninge van die vaders, **Abr.** 1:2.

**Vredemaker.** *Sien ook* Vrede

'n Persoon wat vrede tot stand bring of bevorder (Matt. 5:9; 3 Ne. 12:9). 'n Vredemaker kan ook iemand wees wat die evangelie verkondig (Mosia 15:11–18).

**Vrees.** *Sien ook* Eerbied; Geloof, Glo; Moed, Moedig

*Vrees* kan twee betekenisse hê: (1) om God te vrees is om eerbied en ontsag vir Hom te voel en om sy gebooie te gehoorsaam; (2) om die mens te vrees, dodelike gevare, pyn en boosheid is om bang te wees vir sulke dinge en te sidder vanweë hulle.

*Vrees vir God:* Daar is geen vrees vir God in hierdie plek nie, **Gén.** 20:11. Jy moet die Here jou God vrees, **Deut.** 6:13 (Jos. 24:14; 1 Sam. 12:24). Dien die Here met vrees, **Ps.** 2:11. Vrees vir die Here is die beginsel van die wysheid, **Ps.** 111:10. Vrees die Here en wyk af van die kwaad, **Spr.** 3:7. Dit sal goed gaan met die wat God vrees, **Pred.** 8:12.

Werk julle eie heil uit met vrees en bewing, **Filip.** 2:12. Vrees God, en gee Hom heerlikheid, **Openb.** 14:7 (L&V 88:104).

Profete het die mense gedurig aangespoor om hulle in die vrese van die Here te hou, **Enos** 1:23. Alma en die seuns van Mosia het op die aarde neergeval, want die vrees van die Here het oor hulle gekom, **Alma** 36:7. Werk jou heil uit met vrees en bewing, **Morm.** 9:27.

Hulle wat My nie vrees nie, sal Ek verontrus en laat bewe, **L&V** 10:56. Hy wat My vrees, sal vir die tekens van die koms van die Seun van Mens uitkyk, **L&V** 45:39.

*Vrees vir die mens:* Moenie bang wees nie, want Ek is met jou, **Gén.** 26:24 (Jes. 41:10). Die Here is met ons: vrees hulle nie, **Núm.** 14:9. Vrees nie; want die wat by ons is, is meer, **2 Kon.** 6:16. Ek sal nie vrees wat vlees kan doen nie, **Ps.** 56:5.

Wees nie bevrees vir die smaad van mense nie, **Jes.** 51:7 (2 Ne. 8:7).

God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, **2 Tim.** 1:7. Die volmaakte liefde dryf die vrees buite, **1 Joh.** 4:18 (Moro. 8:16).

Die seuns van Helaman het die dood nie gevrees nie, **Alma** 56:46–48. Die vrees vir die dood vul die boesems van die bose, **Morm.** 6:7. Vrees nie wat die mens kan doen nie, **Moro.** 8:16.

Jy moes die mens nie meer as God gevrees het nie, **L&V** 3:7 (L&V 30:1, 11; 122:9). Vrees nie om goed te doen nie, **L&V** 6:33. Wie ook al aan my Kerk behoort, hoef nie te vrees nie, **L&V** 10:55. As julle voorbereid is, sal julle nie vrees nie, **L&V** 38:30. Stroop julleself van vrees, **L&V** 67:10. Wees blymoedig en vrees nie, want Ek die Here is met julle, **L&V** 68:6. Vrees nie julle vyande nie, **L&V** 136:17.

**Vreugde.** *Sien ook* Gehoorsaam, Gehoorsaamheid

'n Toestand van groot vreugde (blydskap) wat kom as gevolg van 'n regverdige leefwyse. Die doel van die sterflike (aardse) lewe is vir alle mense om vreugde te hê (2 Ne. 2:22–25). Volle vreugde sal slegs kom deur Jesus Christus (Joh. 15:11; L&V 93:33–34; 101:36).

Die nederiges sal ook hulle vreugde vermeerder in die Here, **Jes.** 29:19 (2 Ne. 27:30).

Ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap, **Lk.** 2:10. Niemand neem julle blydskap van julle weg nie, **Joh.** 16:22. Die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, **Gal.** 5:22.

Die vrug daarvan het my siel gevul met uitermate groot vreugde, **1 Ne.** 8:12. Mense is dat hulle vreugde mag hê, **2 Ne.** 2:25. Die blydskap van die regverdiges sal vir ewig vol wees, **2 Ne.** 9:18. Hulle mag met God woon in 'n toestand van nimmereindigende geluk, **Mosia** 2:41. Ek sal alles prysgee wat ek besit, sodat ek hierdie groot vreugde mag ontvang, **Alma** 22:15. Miskien mag ek 'n werktuig wees in die hande van God om een of ander siel tot bekering te bring, en dit is my vreugde, **Alma** 29:9. Watter vreugde, en watter wonderlike lig het ek aanskou, **Alma** 36:20.

My Gees sal jou siel met vreugde vul, **L&V** 11:13. Hoe groot sal jou blydskap met hom wees in die koninkryk van my Vader, **L&V** 18:15–16. In hierdie wêreld is julle blydskap nie volledig nie, maar in My is julle blydskap volledig, **L&V** 101:36.

In hierdie lewe sal ek blydskap hê, **Moses** 5:10–11.

**Vrou, Vroue.** *Sien ook* Broers, Broer; Mens die, Mense; Suster

'n Volwasse vroulike persoon, 'n dogter van God. Die term *Vrou* word somtyds in die skrifture gebruik as 'n titel van respek (Joh. 19:26; Alma 19:10).

God het die man en die vrou geskape, **Gén.** 1:27 (Moses 2:27; 6:9; Abr. 4:27). 'n Deugsame vrou se waarde is ver bo korale, **Spr.** 31:10–31.

Die vrou is die heerlikheid van die man, **1 Kor.** 11:7. In die Here is die man nie sonder die vrou nie, en die vrou ook nie sonder die man nie, **1 Kor.** 11:11. Vroue moet hulle versier met beskeidenheid, **1 Tim.** 2:9–10.

Ek, die Here God, skep behae in die kuisheid van vroue, **Jakob** 2:28.

Jou sondes is jou vergewe, en jy is 'n uitverkore dame, **L&V** 25:3. Vroue het aanspraak op hulle mans vir onderhoud, **L&V** 83:2.

**Vry, Vryheid.** *Sien ook* Handelingsmag; Slawerny

Die krag of vermoë om persoonlike keuses te maak sonder dwang. In 'n geestelike sin is 'n persoon wat bekeer en God se wil gehoorsaam, vry van slawerny of sonde deur die Versoening van Jesus Christus (Mosia 5:8). Die toestand waarin mens in staat is om vryelik te handel en te dink. Gehoorsaamheid aan

evangeliese beginsels bevry ′n persoon van die geestelike gebondenheid van sonde (Joh. 8:31–36).

Ek sal in die vryheid wandel want ek soek u bevele, **Ps.** 119:45.

Die waarheid sal julle vrymaak, **Joh.** 8:32. Diegene wat vrygemaak word van die sonde, ontvang die ewige lewe, **Rom.** 6:19–23. Waar die Gees van die Here is, daar is vryheid, **2 Kor.** 3:17. Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, **Gal.** 5:1 (L&V 88:86).

Die mens is vry om vryheid te kies en die ewige lewe, **2 Ne.** 2:27. ′n Regverdige tak van die huis van Israel sal uit die slawerny gebring word na vryheid, **2 Ne.** 3:5. En hierdie land sal ′n land van vryheid wees, **2 Ne.** 10:11. Hulle het tot die Here geroep om hulle vryheid, **Alma** 43:48–50. Moroni het die banier van vryheid onder die Nefiete gevestig, **Alma** 46:36. Moroni het hom verheug in die vryheid van sy land, **Alma** 48:11. Die Gees van God is die gees van vryheid, **Alma** 61:15.

Volg My en julle sal ′n vrye volk wees, **L&V** 38:22. Die Here en sy diensknegte verkondig vryheid aan die gevange geeste, **L&V** 138:18, 31, 42.

**Vuur.** *Sien ook* Aarde—Reiniging van die aarde; Doop; Heilige Gees; Hel

′n Simbool van reiniging, suiwering of heiliging. Vuur kan ook dien as ′n simbool van God se teenwoordigheid.

U God is ′n verterende vuur, **Deut.** 4:24. Die Here maak van sy dienaars vuurvlamme, **Ps.** 104:4. Die Here van die leërskare sal hulle besoek met die vlam van ′n verterende vuur, **Jes.** 29:6 (2 Ne. 27:2). Die Here sal kom in vuur, **Jes.** 66:15. Hy sal wees soos die vuur van die smelter, **Mal.** 3:2 (3 Ne. 24:2; L&V 128:24).

Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur, **Matt.** 3:11 (Lk. 3:16).

Die regverdiges sal behoue bly deur vuur, **1 Ne.** 22:17. Die bose sal Hy vernietig deur vuur, **2 Ne.** 30:10. Nefi het verduidelik hoe ons die doop van vuur en die Heilige Gees ontvang, **2 Ne.** 31:13–14 (3 Ne. 9:20; 12:1; 19:13; Ether 12:14; L&V 33:11).

Jy moet vergifnis van sondes verkondig deur die doop en deur vuur, **L&V** 19:31. Die groot en gruwelike kerk sal neergewerp word deur verterende vuur, **L&V** 29:21. Die aarde sal verbygaan soos deur vuur, **L&V** 43:32. Die aansyn van die Here sal wees soos die verterende vuur, **L&V** 133:41.

Adam is gedoop deur vuur en die Heilige Gees, **Moses** 6:66.

**Vyandskap.** *Sien ook* Afguns; Liefde; Wraak

In die skrifture, teenstand, vyandigheid en haat.

Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, **Gén.** 3:15 (Moses 4:21).

Wat die vlees bedink, is vyandskap teen God, **Rom.** 8:7. Die vriendskap van die wêreld is vyandskap teen God, **Jak.** 4:4.

In daardie dag sal vyandskap ophou van voor my aangesig, **L&V** 101:26.

**Waak, Wagte.** *Sien ook* Waarsku, Waarskuwing

Om waaksaam te wees, te beskerm. ′n Persoon wat waaksaam en gehoorsaam is, is gereed en voorbereid. Wagte is leiers wat deur die Here se verteenwoordigers geroep word om bepaalde verantwoordelikheid te hê vir die welsyn van andere. Diegene wat as leiers geroep word, het ′n bepaalde verantwoordelikheid om ook wagters vir die res van die wêreld te wees.

Ek het jou as wag aangestel, **Eség.** 3:17–21. Wagte wat die waarskuwingstem laat hoor, red hul eie siele, **Eség.** 33:7–9.

Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie, **Matt.** 24:42–43 (Matt. 25:13; Mark. 13:35–37; L&V

133:10–11). Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie, **Matt.** 26:41 (3 Ne. 18:15, 18).

As julle nie op julself let nie, julle gedagtes, julle woorde, julle dade, moet julle vergaan, **Mosia** 4:30. Alma het priesters en ouderlinge geordineer om oor die kerk te presideer en te waak, **Alma** 6:1.

Hy wat nie vir die Saligmaker uitkyk nie, sal afgesny word, **L&V** 45:44. Die biskop en andere is geroep en geordineer van God om oor die Kerk te waak, **L&V** 46:27. Die Here het wagte geplaas oor die wingerd, **L&V** 101:44–58.

**Waardig, Waardigheid.** *Sien ook* Regverdigheid, Regverdig

Om persoonlik regverdig te wees en om voor die aangesig van God en sy aangestelde leiers aanvaar te word.

En wie sy kruis nie neem nie, is My nie waardig nie, **Matt.** 10:38. Die arbeider is sy loon werd, **Lk.** 10:7 (L&V 31:5).

Sien dat julle alle dinge doen in waardigheid, **Morm.** 9:29. Hulle was nie gedoop nie tensy hulle waardig was, **Moro.** 6:1.

Die wat traag is sal nie waardig geag word om ’n amp te beklee nie, **L&V** 107:100. Hy wat nie kastyding wil verduur nie, is my koninkryk nie waardig nie, **L&V** 136:31. Die priesterskap is gegee aan alle waardige manlike lede, **AV** 2.

**Waarheid.** *Sien ook* Intelligensie, Intelligensies; Kennis; Lig, Lig van Christus

Kennis van dinge soos hulle is, en soos hulle was en soos hulle sal wees (L&V 93:24). Waarheid verwys ook na lig en openbaring van die hemel.

Trou spruit uit die aarde, **Ps.** 85:12 (Moses 7:62).

Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak, **Joh.** 8:32. Ek is die weg en die waarheid en die lewe, **Joh.** 14:6. As ons sê dat ons geen sonde het nie, is die waarheid nie in ons nie, **1 Joh.** 1:8.

Die skuldiges ag die waarheid as hard, **1 Ne.** 16:2. Die regverdiges is lief vir die waarheid, **2 Ne.** 9:40. Die Gees spreek die waarheid en lieg nie, **Jakob** 4:13. U is ’n God van waarheid en kan nie lieg nie, **Ether** 3:12. Deur die mag van die Heilige Gees mag julle die waarheid van alle dinge weet, **Moro.** 10:5.

Die waarheid bly vir ewig en ewig, **L&V** 1:39. Jy is verlig deur die Gees van waarheid, **L&V** 6:15. Die Boek van Mormon bevat die waarheid en die woord van God, **L&V** 19:26. Die Trooster is uitgestuur om die waarheid te onderrig, **L&V** 50:14. Hy wat die woord ontvang deur die Gees van waarheid, ontvang dit soos dit verkondig word deur die Gees van waarheid, **L&V** 50:17–22. Verkondig die waarheid volgens die openbarings wat Ek aan julle gegee het, **L&V** 75:3–4. Wat ook al die waarheid is, is lig, **L&V** 84:45. Die lig van Christus is die lig van die waarheid, **L&V** 88:6–7, 40. My Gees is die waarheid, **L&V** 88:66. Intelligensie, of die lig van waarheid, is nie geskape nie, **L&V** 93:29. Die heerlikheid van God is intelligensie, of lig en waarheid, **L&V** 93:36. Ek het julle beveel om julle kinders in lig en waarheid groot te maak, **L&V** 93:40.

My Eniggeborene is vol genade en waarheid, **Moses** 1:6.

**Waarsku, Waarskuwing.** *Sien ook* Waak, Wagte

Om kennis of ’n waarskuwing te gee. Profete, leiers en ouers waarsku en leer andere om gehoorsaam aan die Here en sy leringe te wees.

Jakob het die volk van Nefi gewaarsku teen elke soort sonde, **Jakob** 3:12.

Die stem van waarskuwing is aan alle mense, **L&V** 1:4. Laat jou prediking die waarskuwende stem wees, **L&V** 38:41. Hierdie is ’n dag van waarskuwing, **L&V** 63:58. Elkeen wat gewaarsku is, moet sy naaste waarsku, **L&V** 88:81. Ek

het julle gewaarsku en waarsku julle vooraf, deur julle hierdie woord van wysheid te gee, **L&V** 89:4.

**Wandel, Wandel met God.** *Sien ook* Gehoorsaam, Gehoorsaamheid; Regverdigheid, Regverdig; Weg

Om in ooreenstemming te wees met God se leringe en om te leef soos God wil hê dat sy volk moet leef; om ontvanklik en gehoorsaam vir die stem van die Heilige Gees te wees.

Sodat Ek hulle kan beproef, of hulle in my wet sal wandel of nie, **Ex.** 16:4. Hy sal die goeie nie onthou aan die wat in opregtheid wandel nie, **Ps.** 84:12. Hulle wat in my insettinge wandel en my verordeninge hou, sal vir My ʼn volk wees, **Eség.** 11:20–21 (Deut. 8:6). Wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en nederig te wandel met jou God, **Miga** 6:8 (L&V 11:12).

Wandel in die lig soos Hy in die lig is, **1 Joh.** 1:7 (2 Joh. 1:6; 3 Joh. 1:4; 4 Ne. 1:12).

Wandel in die eng weg wat na die lewe lei, **2 Ne.** 33:9. Koning Benjamin het met ʼn rein gewete voor God gewandel, **Mosia** 2:27. Julle plig is om onberispelik te wandel volgens die heilige orde van God, **Alma** 7:22.

Lede van die Kerk sal ʼn godsalige wandel en gesprek openbaar, **L&V** 20:69. Slaan ag op die profeet en wandel in alle heiligheid voor die Here, **L&V** 21:4. Leer kinders om te bid en om opreg te wandel voor die Here, **L&V** 68:28.

Bly in My, en Ek in jou, wandel dus met My, **Moses** 6:34.

**Wapenrusting**

ʼn Bedekking wat gedra word om die liggaam te beskerm teen houe of steke van wapens. Dié woord word ook gebruik om geestelike eienskappe aan te dui wat ʼn persoon beskerm teen versoeking of boosheid.

Trek die volle wapenrusting van God aan, **Efés.** 6:10–18 (L&V 27:15–18).

**Was, Gewas, Wassings.** *Sien ook* Doop; Versoen, Versoening

Om fisies of geestelik te reinig. Simbolies mag ʼn bekeerde persoon gereinig word van ʼn lewe wat belas is met sonde en die gevolge daarvan, deur die versoenende offer van Jesus Christus. Sekere wassings wat onder behoorlike priesterskapsgesag uitgevoer word, dien as heilige ordinansies.

Die priester moet sy klere was en sy liggaam in die water bad, **Núm.** 19:7. Was my heeltemal van my ongeregtigheid, **Ps.** 51:4, 9. Was julle, reinig julle, hou op om kwaad te doen, **Jes.** 1:16–18.

Jesus het die voete van sy apostels gewas, **Joh.** 13:4–15 (L&V 88:138–139). Laat jou doop en jou sondes afwas, **Hand.** 22:16 (Alma 7:14; L&V 39:10).

Daar kan geen mens gered word behalwe as sy gewaad wit gewas is nie, **Alma** 5:21 (3 Ne. 27:19). Hulle gewaad is wit gewas deur die bloed van Christus, **Alma** 13:11 (Ether 13:10).

Deur die gebooie te onderhou, mag hulle gewas en gereinig word van al hulle sondes, **L&V** 76:52. Julle salwings en wassings is geordineer deur die ordinansie van my heilige huis, **L&V** 124:39–41.

**Wedergebore, Gebore uit God.** *Sien ook* Bekeer, Bekering; Doop; Kinders van Christus; Natuurlike Mens; Seuns en Dogters van God; Verwek

Om deur die Gees van die Here ʼn geweldige verandering te laat plaasvind in ʼn persoon se hart sodat hy nie meer begeer om kwaad te doen nie, maar eerder begeer om die dinge van God na te streef.

Ek sal ʼn nuwe gees in julle binneste gee, **Eség.** 11:19 (Eség. 18:31; 36:26).

Diegene wat in sy Naam glo, is nie gebore uit bloed nie, maar uit God, **Joh.** 1:12–13. As iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die

koninkryk van God nie ingaan nie, **Joh.** 3:3–7. Ons kan wedergebore word deur die woord van God, **1 Petr.** 1:3–23. Wie ook al gebore is uit God, volhard nie in die sonde nie, **JSV, 1 Joh.** 3:9. Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld, **1 Joh.** 5:4.

Diegene wat uit Christus gebore is, sluit ′n verbond met God, **Mosia** 3:19; 5:2–7. Alle mense moet wedergebore word; ja, gebore uit God, **Mosia** 27:25–26 (Alma 5:49). Is julle geestelik gebore uit God, **Alma** 5:12–19. As julle nie weer gebore word nie, kan julle nie die koninkryk van die hemel beërf nie, **Alma** 7:14.

Almal wat in my woorde glo, sal uit My gebore wees, en wel uit water en uit die Gees, **L&V** 5:16.

Julle moet weer gebore word in die koninkryk van die hemel, **Moses** 6:59.

**Weduwee.** *Sien ook* Welsyn

′n Vrou wie se man gesterf het en wat nie weer getrou het nie.

Die wees en die weduwee sal kom en moet eet en versadig word, **Deut.** 14:29.

Hierdie arm weduwee het alles wat sy gehad het, ingegooi, **Mark.** 12:41–44. Besoek die wese en weduwees in hulle verdrukking, **Jak.** 1:27.

Die Here sal ′n haastige getuie wees teen diegene wat die weduwees verdruk, **3 Ne.** 24:5 (Sag. 7:10).

Daar sal vir weduwees en wese voorsiening gemaak word, **L&V** 83:6 (L&V 136:8).

**Weg.** *Sien ook* Jesus Christus; Wandel, Wandel met God

Die pad of koers wat ′n persoon volg. Jesus het gesê Hy is die weg (Joh. 14:4–6).

Hou die gebooie van die Here om in sy weë te wandel, **Deut.** 8:6. Oefen die seun volgens die eis van sy weg, **Spr.** 22:6 (2 Ne. 4:5). Die Here het gesê sy weë is hoër as ons weë, **Jes.** 55:8–9.

Die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, **Matt.** 7:13–14 (3 Ne. 14:13–14; 27:33; L&V 132:22, 25). God sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, **1 Kor.** 10:13.

Die Here gee geen gebooie aan die kinders van mense nie, behalwe as Hy ′n weg vir hulle sal voorberei om dit uit te voer, **1 Ne.** 3:7 (1 Ne. 9:6; 17:3, 13). Daar is geen ander weg behalwe as by die poort nie, **2 Ne.** 9:41. Julle is vry om vir julleself te handel om die weg te kies van eindelose dood, of die weg van die ewige lewe, **2 Ne.** 10:23. Dit is die weg, en daar is geen ander weg nie nóg naam, **2 Ne.** 31:21 (Mosia 3:17; Alma 38:9; Hel. 5:9). In die gawe van sy Seun het God ′n uitnemender weg berei, **Ether** 12:11 (1 Kor. 12:31).

Elke mens wandel op sy eie weg, **L&V** 1:16. Dit moet gedoen word op my eie manier, **L&V** 104:16.

**Wellus, Wellustigheid.** *Sien ook* Egbreuk; Kuisheid; Ontug; Seksuele Onsedelikheid

′n Geneigdheid tot of begeerte vir fisiese genot, veral seksuele onsedelikheid.

Die vrou van sy heer het haar oë na Josef opgeslaan, **Gén.** 39:7. Begeer haar skoonheid nie in jou hart nie, **Spr.** 6:25.

Elkeen wat na ′n vrou kyk om haar te begeer, het egbreuk gepleeg, **Matt.** 5:28 (3 Ne. 12:28). Mans het met wellus teenoor mekaar ontbrand, **Rom.** 1:27. Onthou julle van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel, **1 Petr.** 2:11. Die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë is nie uit die Vader nie, **1 Joh.** 2:16.

Jaag nie meer die begeerte van jou oë na nie, **Alma** 39:9.

Deur die oortreding van heilige wette het die mens wellustig geword, **L&V** 20:20. Hy wat na ′n ander vrou kyk om haar te begeer, sal die geloof loën, **L&V** 42:23. As enigeen egbreuk pleeg in hulle harte, sal hulle nie die Gees hê nie, **L&V** 63:16. Hou op met julle wellustige begeertes, **L&V** 88:121.

Die mense het begin om vleeslik, sinlik en duiwels te wees, **Moses** 5:13 (Mosia 16:3; Moses 6:49).

**Welstand.** *Sien* Rykdom

**Welsyn.** *Sien ook* Aalmoes, Aalmoese Gee; Armes; Diens; Offerande; Vas

Die proses van en wyse waarop daar omgesien word na mense se geestelike en fisiese behoeftes.

Jy moet jou hand wyd oopmaak vir jou broer, vir die ellendige en die arme in jou land, **Deut.** 15:11. Wie aan die arme gee, sal nie gebrek ly nie, **Spr.** 28:27. Is dit nie die vas wat Ek verkies nie: om jou brood te breek vir hom wat honger het, en ellendiges, swerwelinge in die huis in te bring nie, **Jes.** 58:6–7.

Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek was ′n vreemdeling, en julle het My herberg gegee. Vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen, **Matt.** 25:35–40.

Deel julle besittings met hom wat dit nodig het, **Mosia** 4:16–26. Hulle het met mekaar gedeel beide stoflik en geestelik, volgens hulle behoeftes en hulle node, **Mosia** 18:29. Hulle is beveel dat hulle moes verenig in vas en kragtige gebed ten behoewe van die welsyn van die siele van diegene wat God nie geken het nie, **Alma** 6:6. Bid vir julle welstand en vir die welstand van diegene rondom julle, **Alma** 34:27–28. Hulle het alle dinge in gemeen gehad onder hulle, **4 Ne.** 1:3.

Onthou die armes, **L&V** 42:30–31. Besoek die armes en die behoeftiges, **L&V** 44:6. Onthou in alle dinge die armes en behoeftiges, **L&V** 52:40. Wee julle rykaards wat nie julle besittings aan die armes gee nie, en wee julle armoediges wat nie bevredig is nie, wat vol hebsug is en wat nie wil werk nie, **L&V** 56:16–17.

In Sion was daar geen armes onder hulle nie, **Moses** 7:18.

**Wêreld.** *Sien ook* Aarde; Babel, Babilon; Sterflik, Sterflikheid

Die aarde; ′n toetsterrein vir sterflike mense. Figuurlik, daardie mense wat nie God se gebooie onderhou nie.

*Sterflike bestaan:* In die wêreld sal julle verdrukking hê, **Joh.** 16:33.

Moenie tot die dood toe vrees nie, want in hierdie wêreld is julle vreugde nie volledig nie, **L&V** 101:36.

*Mense wat nie die gebooie gehoorsaam nie:* Ek sal aan die wêreld sy boosheid besoek, **Jes.** 13:11 (2 Ne. 23:11).

As die wêreld julle haat, moet julle weet dat hy My voor julle gehaat het, **Joh.** 15:18–19.

Die groot en ruim gebou was die hoogmoed van die wêreld, **1 Ne.** 11:36.

Die wêreld word ryp in goddeloosheid, **L&V** 18:6. Hou jouself onbevlek van die wêreld, **L&V** 59:9. Hy wat getrou is en volhard, sal die wêreld oorwin, **L&V** 63:47. Julle sal nie volgens die wyse van die wêreld leef nie, **L&V** 95:13.

*Einde van die wêreld:* Ek skep ′n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word nie, **Jes.** 65:17 (Openb. 21:1; Gel. Art. 1:10).

Aan die voleinding van hierdie wêreld, sal die onkruid bymekaargemaak en met vuur verbrand word, **Matt.** 13:40, 49 (Mal. 4:1; Jakob 6:3).

My wingerd sal Ek met vuur laat verbrand, **Jakob** 5:77 (L&V 64:23–24).

Die Here sal Satan en sy werke vernietig aan die einde van die wêreld, **L&V** 19:3. Die aarde sal sterf, maar dit sal weer lewendig word, **L&V** 88:25–26.

Die Here het aan Henog die einde van die wêreld gewys, **Moses** 7:67.

**Wêreldsheid.** *Sien ook* Geld; Hoogmoed; Rykdom; Ydel, Ydelheid

Onregverdige begeertes en pogings om stoflike rykdom en materiële goedere te bekom terwyl die geestelike dinge versaak word.

Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly, **Matt.** 16:26.

Hulle het hulle harte gerig op die ydele dinge van die wêreld, **Alma** 4:8 (Alma 31:27).

Sit die dinge van die wêreld opsy, **L&V** 25:10. Die mense se harte is so gesteld op die dinge van hierdie wêreld, **L&V** 121:35.

**Werke**

'n Persoon se handelinge, hetsy goed of sleg. Elke persoon sal geoordeel word deur sy eie werke.

Die Here sal die mens vergeld na sy werk, **Spr.** 24:12.

Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien, **Matt.** 5:16 (3 Ne. 12:16). Hy wat die wil doen van my Vader, sal ingaan in die koninkryk van die hemele, **Matt.** 7:21. Geloof sonder werke is dood, **Jak.** 2:14–26.

Hulle moet geoordeel word volgens hulle werke, **1 Ne.** 15:32 (Mosia 3:24). Ons weet dat dit deur genade is dat ons gered is na alles wat ons kan doen, **2 Ne.** 25:23. Leer hulle om nooit moeg te word vir goeie werke nie, **Alma** 37:34. Dit is noodsaaklik dat mense geoordeel word volgens hulle werke, **Alma** 41:3. Aan hulle werke sal jy hulle ken, **Moro.** 7:5 (L&V 18:38).

Ek, die Here, sal alle mense oordeel volgens hulle werke, **L&V** 137:9.

**Wet.** *Sien ook* Gebooie van God; Gehoorsaam, Gehoorsaamheid; Seën, Geseënd, Seëning; Wet van Moses

Die gebooie of reëls van God waarop alle seëninge en strawwe gegrond is, beide in die hemel en op die aarde. Diegene wat die wette van God gehoorsaam, ontvang die beloofde seëninge. Die Profeet Joseph Smith het geleer dat mense ook die wette van die land moet gehoorsaam, eer en onderhou (Gel. Art. 1:12).

Die wet van Moses was 'n voorbereidende wet om mans en vrouens na Christus te bring. Dit was 'n wet van beperkings, voorskrifte, en ordinansies. Vandag is die wet van Christus, wat die wet van Moses vervul het, die volheid van die evangelie of "die volmaakte wet van die vryheid" (Jak. 1:25).

God het aan Adam gebooie gegee, **Gén.** 1:28; 2:16–17. God het wette aan Noag gegee, **Gén.** 9:1. Die wet van die Here is volmaak, dit verkwik die siel, **Ps.** 19:8. Want die Here is ons Regter, **Jes.** 33:22.

Een is die Wetgewer, **Jak.** 4:12.

Waar daar geen wet gegee is nie, is daar geen straf nie, **2 Ne.** 9:25. Daar is 'n wet gegee, **Alma** 42:17–22. Die mens sal geoordeel word volgens die wet, **Alma** 42:23. Christus is die wet, **3 Ne.** 15:9.

Alle wette is geestelik, **L&V** 29:34. Joseph Smith het die wet van die Kerk ontvang deur openbaring, **L&V** 42. Hy wat God se wet onderhou het geen rede om die wet van die land te verbreek nie, **L&V** 58:21. Die lig van Christus is die wet waardeur alle dinge regeer word, **L&V** 88:7–13. Hy het 'n wet vir alle dinge gegee, **L&V** 88:42–43. Mense moet die wet van die land nakom, **L&V** 98:4–5. Wanneer ons 'n seëning van God ontvang, is dit deur gehoorsaamheid aan 'n wet, **L&V** 130:20–21. Die Kerk het sy oortuigings verklaar aangaande burgerlike wette, **L&V** 134.

Die mens word gered deur gehoorsaam te wees aan die wette en ordinansies van die evangelie, **Gel. Art.** 1:3.

**Wet van Moses.** *Sien ook* Aäroniese Priesterskap; Moses; Rein en Onrein; Wet

God het wette deur Moses aan die huis van Israel gegee om die hoër wet te vervang wat hulle nie gehoorsaam het nie (Ex. 34; JSV, Ex. 34:1–2; JSV, Deut. 10:2 [Bylae]). Die Wet van Moses het uit baie beginsels, reëls, seremonies, rituele en simbole bestaan om

die mense te herinner aan hulle pligte en verantwoordelikhede. Dit het ʼn wet van morele, etiese, godsdienstige en fisiese gebooie en seremonies ingesluit—insluitende offerandes (Lev. 1–7)—wat bedoel was om hulle te herinner aan God en hulle plig teenoor Hom (Mosia 13:30). Geloof, bekering, doop in water en vergifnis van sondes was deel van die wet, net soos die Tien Gebooie en baie ander gebooie van hoë etiese en morele waarde. Baie van die seremoniële wet is vervul met die dood en Opstanding van Jesus Christus, wat offerandes deur die storting van bloed beëindig het (Alma 34:13–14). Die wet was deur die Aäroniese Priesterskap bedien en was ʼn voorbereidende evangelie om sy aanhangers na Christus te bring.

Ek sal aan hulle die wet gee soos aan die begin, maar dit sal volgens die wet van ʼn vleeslike gebod wees, **JSV, Ex.** 34:1–2.

Die wet was ons tugmeester om ons na Christus te bring, **Gal.** 3:19–24.

Ons onderhou die wet van Moses en sien standvastig uit na Christus, **2 Ne.** 25:24–30. Heil kom nie alleen deur die wet van Moses nie, **Mosia** 12:27–13:32. In My is die wet van Moses vervul, **3 Ne.** 9:17. Die wet wat aan Moses gegee is het ʼn einde in My, **3 Ne.** 15:1–10.

Vanweë ongehoorsaamheid het die Here vir Moses en die Heilige Priesterskap van die kinders van Israel weggeneem en die wet van vleeslike gebooie nagelaat, **L&V** 84:23–27.

**Whitmer, David**

ʼn Vroeë leier in die herstelde Kerk en een van die Drie Getuies van die goddelike oorsprong en waarheid van die Boek van Mormon (L&V 14; 17–18). Die Here het aan hom persoonlike opdragte gegee in Leer en Verbonde 14 en 30:1–4.

**Whitmer, John**

ʼn Vroeë leier in die herstelde Kerk en een van die Agt Getuies van die Boek van Mormon. Sien “Die Getuienis van Agt Getuies” in die inleidende bladsye van die Boek van Mormon. Hy was ook geroep om die evangelie te verkondig (L&V 30:9–11).

**Whitmer, Peter, Jr.**

ʼn Vroeë leier in die herstelde Kerk en een van die Agt Getuies van die Boek van Mormon. Sien “Die Getuienis van Agt Getuies” in die inleidende bladsye van die Boek van Mormon. Die Here het aan hom persoonlike opdragte gegee in Leer en Verbonde 16 en 30:5–8.

**Whitney, Newel K.**

ʼn Vroeë leier in die herstelde Kerk. Newel K. Whitney was die biskop in Kirtland, Ohio (Verenigde State van Amerika) en het later as Presiderende Biskop van die Kerk gedien (L&V 72:1–8; 104; 117).

**Williams, Frederick G.**

ʼn Vroeë leier in die herstelde kerk wat vir ʼn tydperk gedien het as ʼn raadgewer in die Presidensie van die Hoëpriesterskap (L&V 81; 90:6, 19; 102:3).

**Wingerd van die Here.** *Sien ook* Israel; Saailand

ʼn Simbool van ʼn veld van geestelike arbeid. In die Skrifture verwys die wingerd van die Here gewoonlik na die huis van Israel of die koninkryk van God op die aarde. Dit verwys somtyds na die mense van die wêreld oor die algemeen.

Die wingerd van die Here van die leërskare is die huis van Israel, **Jes.** 5:7 (2 Ne. 15:7).

Jesus het die gelykenis van die arbeiders in die wingerd gegee, **Matt.** 20:1–16.

Israel is soos ʼn mak olyfboom wat in die Here se wingerd gevoed word, **Jakob** 5. Diensknegte van die Here sal sy wingerd snoei vir die laaste keer, **Jakob** 6.

Die Here sal almal seën wat in sy wingerd arbei, **L&V** 21:9 (Alma 28:14). Arbei julle in my wingerd vir die laaste keer, **L&V** 43:28.

**Wonderwerk.** *Sien ook* Geloof, Glo; Teken

ʼn Buitengewone gebeurtenis wat veroorsaak is deur die mag van God. Wonderwerke is ʼn belangrike deel van die werk van Jesus Christus. Dit sluit in genesings, om die dode tot die lewe te herstel en opstanding. Wonderwerke is ʼn deel van die evangelie van Jesus Christus. Geloof is nodig ten einde wonderwerke te laat plaasvind (Mark. 6:5–6; Morm. 9:10–20; Ether 12:12).

As Farao met julle spreek, toon ʼn wonderteken, **Ex.** 7:9.

Daar is niemand wat ʼn wonderwerk in my Naam sal doen en gou van My sal kan kwaadspreek nie, **Mark.** 9:39. Kana was die plek waar Jesus sy eerste wonderwerk gedoen het, **Joh.** 2:11.

Ek is ʼn God van wonderwerke, **2 Ne.** 27:23. Die krag van God bewerk wonderwerke, **Alma** 23:6. Christus kon groot wonderwerke toon aan diegene op die Amerikaanse vasteland omdat hulle groot geloof gehad het, **3 Ne.** 19:35. God het nie opgehou om ʼn God van wonderwerke te wees nie, **Morm.** 9:15.

Moenie vir wonderwerke vra nie, tensy die Here jou gebied, **L&V** 24:13–14. Aan sommige is gegee die gawe om wonderwerke te verrig, **L&V** 46:21 (Moro. 10:12).

**Woodruff, Wilford.** *Sien ook* Amptelike Verklaring 1; Manifes

Die vierde President van die Kerk ná die Herstelling van die evangelie deur die Profeet Joseph Smith. Hy is in 1807 gebore en het in 1898 gesterf.

Is geroep om ʼn posisie te vul in die Raad van die Twaalf, **L&V** 118:6. Was onder die uitverkore geeste wat bestem is om voort te kom in die volheid van die tye, **L&V** 138:53. Ontvang ʼn openbaring om meervoudige huwelike in die Kerk te beëindig, **AV** 1.

**Woord.** *Sien* Jesus Christus—Vooraardse bestaan van Christus

**Woord van God.** *Sien ook* Gebooie van God; Openbaring; Skrifture

Onderrig, gebooie, of ʼn boodskap van God. God se kinders mag sy woord direk ontvang deur openbaring deur die Gees of van sy gekose diensknegte (L&V 1:38).

Die mens lewe van alles wat uit die mond van die Here uitgaan, **Deut.** 8:3 (Matt. 4:4; L&V 84:43–44). U woord is ʼn lamp vir my voet en ʼn lig vir my pad, **Ps.** 119:105.

Hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek, **Hand.** 4:31–33.

Die staaf van yster was die woord van God wat na die boom van die lewe gelei het, **1 Ne.** 11:25 (1 Ne. 15:23–25). Julle was gevoelloos sodat julle sy woorde nie kon voel nie, **1 Ne.** 17:45–46. Wee hom wat die woord van God verwerp, **2 Ne.** 27:14 (2 Ne. 28:29; Ether 4:8). Beur vorentoe en verlustig julle in die woord van Christus, **2 Ne.** 31:20 (2 Ne. 32:3). Vanweë hulle ongeloof kon hulle nie die woord van God verstaan nie, **Mosia** 26:3 (Alma 12:10). Hulle het die skrifture ywerig ondersoek, sodat hulle die woord van God mag ken, **Alma** 17:2. Hulle moes die doeltreffendheid van die woord van God toets, **Alma** 31:5. Alma het die woord van God vergelyk met ʼn saad, **Alma** 32:28–43.

Wat hulle ook al spreek wanneer hulle beweeg word deur die Heilige Gees, sal die woord van die Here wees, **L&V** 68:4. Lewe deur elke woord wat uit die mond van God uitgaan, **L&V** 84:44–45.

Wie ook al my woord bewaar, sal nie verlei word nie, **JS—M** 1:37.

**Woord van Wysheid**

ʼn Gesondheidswet wat deur die Here geopenbaar is tot die fisiese en geestelike voordeel van die Heiliges (L&V 89). Ons verwys gewoonlik daarna as die Woord van Wysheid. Die Here het altyd sy volgelinge gesondheidsbeginsels geleer. Die Here het aan Joseph Smith geopenbaar watter soorte voedsel geëet moet word en watter vermy moet word, tesame met ʼn belofte van stoflike en geestelike seëninge as die Woord van Wysheid gehoorsaam word.

Moenie wyn of sterk drank drink nie, **Lev.** 10:9. Die wyn is ʼn spotter, en sterk drank ʼn lawaaimaker, **Spr.** 20:1. Die sterk drank smaak bitter vir die wat dit drink, **Jes.** 24:9. Daniël het hom nie verontreinig met die spys van die koning of met die wyn wat hy gedrink het nie, **Dan.** 1:8.

As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend, **1 Kor.** 3:16–17. Geen dronkaards sal die koninkryk van God beërwe nie, **1 Kor.** 6:10 (Gal. 5:21).

Wie ook al die mens verbied om vleis te eet is nie deur God geordineer nie, **L&V** 49:18–21. Alle dinge wat uit die aarde kom, moet met oordeel gebruik word en nie met oormaat nie, **L&V** 59:20. Die Here het die Heiliges vermaan om nie wyn, sterk drank, tabak en warm dranke te gebruik nie, **L&V** 89:1–9. Kruie, vrugte, vleis en graan is goedgekeur vir die gebruik van die mens en van diere, **L&V** 89:10–17. Gehoorsaamheid aan die Woord van Wysheid bring stoflike en geestelike seëninge, **L&V** 89:18–21.

**Wraak.** *Sien ook* Vyandskap

Vergelding vir ʼn onreg of belediging.

Julle God kom met wraak, **Jes.** 35:4.

Aan My kom die wraak toe, **Rom.** 12:19 (Morm. 3:15; 8:20).

Die swaard van vergelding hang oor jou, **Morm.** 8:40–41.

Ek sal wraak neem op die bose, want hulle wil nie bekeer nie, **L&V** 29:17.

Die Saligmaker het gekom in die dae van goddeloosheid en wraak, **Moses** 7:45–46.

**Wysheid.** *Sien ook* Begrip; Kennis; Waarheid

Die vermoë of gawe van God om korrek te oordeel. ʼn Persoon verkry wysheid deur ervaring en studie en deur God se raad te volg. Sonder God se hulp het die mens nie ware wysheid nie (2 Ne. 9:28; 27:26).

God het aan Salomo wysheid gegee, **1 Kon.** 4:29–30. Die beginsel van die wysheid is: Verwerf wysheid, **Spr.** 4:7. Wie verstand verkry, het sy lewe lief, **Spr.** 19:8.

Jesus het in wysheid toegeneem, **Lk.** 2:40, 52. As iemand wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, **Jak.** 1:5 (L&V 42:68; JS—G 1:11).

Ek vertel julle hierdie dinge sodat julle wysheid mag leer, **Mosia** 2:17. Leer wysheid in jou jeug, **Alma** 37:35.

Die Heiliges sal wysheid vind en groot skatte van kennis, **L&V** 89:19. Laat hom wat onkundig is, wysheid leer deur homself te verootmoedig en die Here aan te roep, **L&V** 136:32.

**Ydel, Ydelheid.** *Sien ook* Hoogmoed; Wêreldsheid

Valsheid of bedrog; hoogmoedig. *Ydel* of *ydelheid* kan ook leeg of sonder waarde beteken.

Hy wat sy siel nie ophef tot nietigheid, hy sal seën wegdra van die Here, **Ps.** 24:3–4.

Wanneer julle bid, moenie ydele herhalings gebruik nie, **Matt.** 6:7.

Die groot en ruim gebou is ydele inbeeldinge en die hoogmoed van die kinders van mense, **1 Ne.** 12:18. Sal julle aanhou om julle harte op die ydele dinge van die wêreld te rig, **Alma** 5:53. Soek nie na rykdom en die ydele dinge

van hierdie wêreld nie, jy kan hulle nie saam met jou dra nie, **Alma** 39:14.

Ydelheid en ongeloof het die Kerk onder veroordeling gebring, **L&V** 84:54–55. Wanneer ons probeer om ons hoogmoed, ons ydele ambisie te bevredig, dan trek die hemele terug, **L&V** 121:37.

**Young, Brigham**

'n Vroeëre apostel in hierdie tydvak en die tweede President van die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae. Hy het die Heiliges weswaarts gelei vanaf Nauvoo, Illinois, tot die Salt Lake-vallei en was 'n groot koloniseerder in die westelike Verenigde State.

Brigham Young is geroep om President te wees oor die Twaalf Apostels, **L&V** 124:127. Brigham Young is geprys vir sy werke en onthef van toekomstige reise, **L&V** 126. Die Here het vir Brigham Young geleer hoe om die Heiliges te organiseer vir hulle weswaartse trek, **L&V** 136. Brigham Young was onder die uitverkore persone in die geesteswêreld, **L&V** 138:53.

**Ywer**

Konsekwente, moedige poging veral om die Here te dien en om sy woord te gehoorsaam.

Luister aandagtig na My, **Jes.** 55:2.

God is 'n beloner van hulle wat Hom ywerig soek, **Hebr.** 11:6. Deur alle ywer te gee, voeg by julle geloof deug, **2 Petr.** 1:5.

Leer die woord van God met alle ywer, **Jakob** 1:19. Hulle het die skrifte ywerig ondersoek, **Alma** 17:2. Hulle was gewillig met alle ywer om die gebooie te onderhou, **3 Ne.** 6:14. Laat ons ywerig arbei, **Moro.** 9:6.

Wees geesdriftig betrokke by 'n goeie saak, **L&V** 58:27. Nog moet julle ledig wees, maar arbei met julle mag, **L&V** 75:3. Slaan ywerig ag op die woorde van die ewige lewe, **L&V** 84:43. Laat elke man sy plig leer, en om op te tree met alle ywer, **L&V** 107:99.

**Zarahemla.** *Sien ook* Ammon, Afstammeling van Zarahemla; Mulek

In die Boek van Mormon verwys Zarahemla na (1) 'n man wat Mulek se groep gelei het, (2) 'n stad wat na hom vernoem is, (3) die land Zarahemla, of (4) die mense wat hom gevolg het.

Zarahemla het gejubel dat die Here die Nefiete gestuur het, **Omni** 1:14. Zarahemla het 'n geslagsregister gegee van die vaders, **Omni** 1:18. Ammon was 'n afstammeling van Zarahemla, **Mosia** 7:3, 13. Die Kerk was in die stad Zarahemla gevestig, **Alma** 5:2. Vanweë die regverdiges is die bose gered in Zarahemla, **Hel.** 13:12. Die stad Zarahemla is verbrand ten tyde van Christus se dood, **3 Ne.** 8:8, 24.

**Zeesrom**

In die Boek van Mormon, 'n wetsgeleerde in die stad Ammonihah. Alma en Amulek het deur die Gees waargeneem dat Zeesrom gelieg het. Hy is toe bekeer tot die evangelie van Christus (Alma 11:21–46; 15:1–12).

**Zenif**

In die Boek van Mormon, 'n man wat die groep gelei het wat na die land Nefi teruggekeer het; hy het hulle koning geword en het hulle regverdiglik gelei (Mosia 9–10).

**Zenok**

'n Profeet van Israel in Ou Testamentiese tye wat net in die Boek van Mormon genoem word.

Het geprofeteer van Christus se dood, **1 Ne.** 19:10. Het gespreek van die Seun van God, **Alma** 33:15 (Alma 34:7). Was 'n martelaar vir die waarheid, **Alma** 33:17. Het geprofeteer aangaande die koms van die Messias, **Hel.** 8:20.

**Zenos**

'n Profeet van Israel in Ou Testamentiese tye wie se profesieë van Christus se sending net in die Boek van Mormon gevind word.

Het geprofeteer van Christus se begrafnis en drie dae van duisternis, **1 Ne.** 19:10, 12. Het die versameling van Israel voorspel, **1 Ne.** 19:16. Jakob het die gelykenis van Zenos aangehaal van die mak en die wilde olyfbome, **Jakob** 5. Jakob het uitgebrei op Zenos se gelykenis, **Jakob** 6:1–10. Het hulle geleer aangaande gebed en aanbidding, **Alma** 33:3–11. Het geleer dat verlossing deur die Seun kom, **Alma** 34:7. Is gedood vanweë sy sterk getuienis, **Hel.** 8:19. Het geskryf oor die herstelling van die Lamaniete, **Hel.** 15:11. Het getuig van die vernietiging tydens Christus se dood, **3 Ne.** 10:15–16.

**Zoram, Zoramiete**

In die Boek van Mormon, die dienskneg van Laban wat by Nefi en Lehi aangesluit het om na die beloofde land te kom (1 Ne. 4:31–38). Vanweë Zoram se getrouheid het Lehi hom saam met Lehi se eie seuns geseën (2 Ne. 1:30–32). Sy afstammelinge was bekend as Zoramiete (Jakob 1:13).

# KRONOLOGIE

Die volgende kort kronologie kan u ′n begrip van die volgorde van gebeure in die Bybel en Boek van Mormon tye gee. Baie datums is geskat, veral in Ou Testamentiese tye.

---

**Gebeurtenisse in die Dae van die Vroeë Patriarge**
(Omdat dit moeilik is om presiese datums vas te stel vir die gebeurtenisse in hierdie afdeling, word datums nie gegee nie.)

v.C. (of V.A.T.—Voor Algemene Tydperk)

4000 Val van Adam.

Bediening van Henog.

Bediening van Noag; die aarde was oorstroom.

Die Toring van Babel is gebou; die Jerediete het na die Beloofde Land gereis.

Bediening van Melgisédek.

Noag het gesterf.

Abram (Abraham) is gebore.

Isak is gebore.

Jakob is gebore.

Josef is gebore.

Josef is na Egipte verkoop.

Josef het voor Farao verskyn.

Jakob (Israel) en sy gesin het afgegaan na Egipte.

Jakob (Israel) het gesterf.

Josef het gesterf.

Moses is gebore.

Moses het die kinders van Israel uit Egipte gelei (die Exodus).

Moses is getransformeer.

Josua het gesterf.

Nadat Josua gesterf het, het die tydperk van die rigters begin, met Otniël as die eerste rigter en Samuel die laaste; die orde en datums van die res is baie onseker.

Saul is as koning gesalf.

---

**Gebeurtenisse in die Verenigde Koninkryk van Israel**

1095 Begin van Saul se heerskappy.

1063 Dawid as koning gesalf deur Samuel.

1055 Dawid het koning geword in Hebron.

1047 Dawid het koning geword in Jerusalem; Natan en Gad het geprofeteer.

1015 Salomo het koning geword van die hele Israel.

991 Die tempel is voltooi.

975 Salomo het gesterf; die tien noordelike stamme het in opstand gekom teen Rehábeam, sy seun, en Israel is verdeel.

| Gebeurtenisse in Israel | Gebeurtenisse in Juda | Gebeurtenisse in die Geskiedenis van die Boek van Mormon |
|---|---|---|
| 975 Jeróbeam was koning van Israel. | | |
| | 949 Sisak, koning van Egipte, het Jerusalem geplunder. | |
| 875 Agab het in Samaría regeer oor Noord-Israel; Elía het geprofeteer. | | |
| 851 Elísa het groot wonderwerke gedoen. | | |
| 792 Amos het geprofeteer. | | |
| 790 Jona en Hoséa het geprofeteer. | | |
| | 740 Jesaja het begin om te profeteer. (Rome is gestig; Nabonassar was koning van Babilon in 747; Tiglat-Piléser III was koning van Assur van 747 tot 734). | |
| | 728 Hiskía was koning van Juda. (Salmanéser IV was koning van Assur). | |
| 721 Die Noordelike Koninkryk is vernietig; die tien stamme is in slawerny geneem; Miga het geprofeteer. | | |

| Gebeurtenisse in Israel | Gebeurtenisse in Juda | Gebeurtenisse in die Geskiedenis van die Boek van Mormon |
|---|---|---|
| | 642 Nahum het geprofeteer. | |
| | 628 Jeremia en Sefánja het geprofeteer. | |
| | 609 Obadja het geprofeteer; Daniël is gevange weggevoer na Babilon. (Ninevé het in 606 geval; Nebukadnésar was koning van Babilon van 604 tot 561). | |
| | | 600 Lehi het Jerusalem verlaat. |
| | 598 Eségiël het in Babilon geprofeteer; Hábakuk het geprofeteer; Sedekía was koning van Juda. | |
| | | 588 Mulek het van Jerusalem na die beloofde land vertrek. |
| | | 588 Nefiete het hulleself afgeskei van die Lamaniete (tussen 588 en 570). |
| | 587 Nebukadnésar het Jerusalem ingeneem. | |

| Gebeurtenisse in Joodse Geskiedenis | Gebeurtenisse in die Geskiedenis van die Boek van Mormon |
|---|---|
| 537 Kores het ′n dekreet uitgevaardig dat die Jode kon terugkeer uit Babilon. | |
| 520 Haggai en Sagaría het geprofeteer. | |
| 486 Ester het geleef. | |
| 458 Esra is opdrag gegee om hervormings deur te voer. | |

| **Gebeurtenisse in Joodse Geskiedenis** | | **Gebeurtenisse in die Geskiedenis van die Boek van Mormon** | |
|---|---|---|---|
| 444 | Nehemía is as goewerneur van Judéa aangestel. | | |
| 432 | Maleági het geprofeteer. | | |
| | | 400 | Jarom het die plate ontvang. |
| | | 360 | Omni het die plate ontvang. |
| 332 | Alexander die Grote het Aram en Egipte verower. | | |
| 323 | Alexander het gesterf. | | |
| 277 | Die Septuagint, die vertaling van Joodse skrifture in Grieks, is begin. | | |
| 167 | Mattatías die Makkabeër het teen Aram in opstand gekom. | | |
| 166 | Judas Makkabeus het leier geword van die Jode. | | |
| 165 | Die tempel is gereinig en hertoegewy; Hanoeka het ontstaan. | | |
| 161 | Judas Makkabeus het gesterf. | | |
| | | 148 | Abinadi het ′n marteldood gesterf; Alma het die Kerk hervestig onder die Nefiete. |
| | | 124 | Benjamin het sy finale toespraak aan die Nefiete gelewer. |
| | | 100 | Alma die Jongere en die seuns van Mosia het hulle werk begin. |
| | | 91 | Die heerskappy van die regters het begin onder die Nefiete. |
| 63 | Pompejus het Jerusalem verower, die bewind van die Makkabeërs het in Israel geëindig en Romeinse bewind het begin. | | |
| 51 | Cleopatra het regeer. | | |
| 41 | Herodes en Fasael is gesamentlike viervorste gemaak oor Judéa. | | |
| 37 | Herodes het leier geword in Jerusalem. | | |
| 31 | Die slag van Aktium; Augustus was keiser van Rome vanaf 31 v.C. tot 14 n.C. | | |
| 30 | Cleopatra het gesterf. | | |

| Gebeurtenisse in Joodse Geskiedenis | | Gebeurtenisse in die Geskiedenis van die Boek van Mormon | |
|---|---|---|---|
| 17 | Herodes het die tempel herbou. | | |
| | | 6 | Samuel die Lamaniet het geprofeteer van Christus se geboorte. |

| Gebeurtenisse in die Christelike Geskiedenis | | Gebeurtenisse in die Geskiedenis van die Boek van Mormon | |
|---|---|---|---|
| n.C. | | n.C. | |
| | Geboorte van Jesus Christus. | | |
| 30 | Christus se bediening het begin. | | |
| 33 | Christus is gekruisig. | 33 of 34 | Die herrese Christus het in Amerika verskyn. |
| 35 | Paulus het bekeer. | | |
| 45 | Paulus het sy eerste sendingreis onderneem. | | |
| 58 | Paulus is na Rome gestuur. | | |
| 61 | Die geskiedenis van die Handelinge van die Apostels is afgesluit. | | |
| 62 | Rome is deur brand verwoes; Christene is vervolg onder Nero. | | |
| 70 | Christene het gevlug na Pella; Jerusalem is beleër en verower. | | |
| 95 | Christene is vervolg deur Domitianus. | | |
| | | 385 | Die Nefitiese nasie is vernietig. |
| | | 421 | Moroni het die plate weggebêre. |

# OOREENSTEMMING VAN DIE EVANGELIES

Die leringe van die Saligmaker in Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes kan met mekaar vergelyk word asook met openbarings van die laaste dae op die volgende wyse.

| **Gebeurtenis** | **Matthéüs** | **Markus** | **Lukas** | **Johannes** | **Openbarings van die Laaste Dae** |
|---|---|---|---|---|---|
| Geslagsregisters van Jesus | 1:1–17 | | 3:23–38 | | |
| Geboorte van Johannes die Doper | | | 1:5–25, 57–58 | | |
| Geboorte van Jesus | 2:1–15 | | 2:6–7 | | 1 Ne. 11:18–20; 2 Ne. 17:14; Mosia 3:5–8; Alma 7:10; Hel. 14:5–12; 3 Ne. 1:4–22 |
| Profesieë van Símeon en Anna | | | 2:25–39 | | |
| Besoek aan die Tempel (Pasga) | | | 2:41–50 | | |
| Aanvang van Johannes se bediening | 3:1, 5–6 | 1:4 | 3:1–3 | | L&V 35:4; 84:27–28 |
| Doop van Jesus | 3:13–17 | 1:9–11 | 3:21–22 | 1:31–34 | 1 Ne. 10:7–10; 2 Ne. 31:4–21 |
| Versoekinge van Jesus | 4:1–11 | 1:12–13 | 4:1–13 | | |
| Johannes die Doper se getuienis | | | | 1:15–36 | L&V 93:6–18, 26 |
| Huweliksfees by Kana (Jesus se eerste wonderwerk) | | | | 2:1–11 | |
| Eerste reiniging van die tempel | | | | 2:14–17 | |
| Besoek van Nikodémus | | | | 3:1–21 | |
| Samaritaanse vrou by die put | | | | 4:1–42 | |
| Jesus verwerp in Násaret | | | 4:16–30 | | |

| Gebeurtenis | Matthéüs | Markus | Lukas | Johannes | Openbarings van die Laaste Dae |
|---|---|---|---|---|---|
| Vissermanne geroep om vissers van mense te wees | 4:18–22 | 1:16–20 | | | |
| Wonderbaarlike visvangs | | | 5:1–11 | | |
| Die Twaalf word geroep en geordineer | 10:1–4 | 3:13–19 | 6:12–16 | | 1 Ne. 13:24–26, 39–41; L&V 95:4 |
| Die Bergpredikasie | 5–7 | | 6:17–49 | | 3 Ne. 12–14 |
| Die Onse Vader | 6:5–15 | | 11:1–4 | | 3 Ne. 13:5–15 |
| Opwekking van weduwee se seun | | | 7:11–15 | | |
| Jesus gesalf deur ′n vrou | | | 7:36–50 | | |

Die gelykenisse van Jesus is kort verhale wat ′n alledaagse voorwerp of gebeurtenis vergelyk met ′n waarheid. Jesus het hulle dikwels gebruik om geestelike waarhede te leer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Saaier: | 13:3–9, 18–23 | 4:3–9, 14–20 | 8:4–8, 11–15 | | |
| Onkruid: | 13:24–30, 36–43 | | | | L&V 86:1–7 |
| Mosterdsaad: | 13:31–32 | 4:30–32 | 13:18–19 | | |
| Suurdeeg: | 13:33 | | 13:20–21 | | |
| Skat in die land: | 13:44 | | | | |
| Pêrel van groot waarde: | 13:45–46 | | | | |
| Vissermanne se net: | 13:47–50 | | | | |
| Huisheer: | 13:51–52 | | | | |
| Onbarmhartige dienskneg: | 18:23–35 | | | | |
| Goeie Herder: | | | | 10:1–21 | 3 Ne. 15:17–24 |
| Barmhartige Samaritaan: | | | 10:25–37 | | |
| Nederigheid, die huweliksfees: | | | 14:7–11 | | |
| Die groot maaltyd: | | | 14:12–24 | | |
| Verlore penning: | sien ook 18:12–14 | | 15:1–7 | | |

| Gebeurtenis | Matthéüs | Markus | Lukas | Johannes | Openbarings van die Laaste Dae |
|---|---|---|---|---|---|
| Verlore skaap: | | | 15:8–10 | | |
| Verlore seun: | | | 15:11–32 | | |
| Onregverdige rentmeester: | | | 16:1–13 | | |
| Lasarus en die ryk man: | | | 16:14–15, 19–31 | | |
| Onregverdige regter: | | | 18:1–8 | | |
| Arbeiders in wingerd: | 20:1–16 | sien ook 10:31 | | | |
| Ponde: | | | 19:11–27 | | |
| Twee seuns: | 21:28–32 | | | | |
| Goddelose landbouers: | 21:33–46 | 12:1–12 | 20:9–19 | | |
| Huwelik van koning se seun: | 22:1–14 | | vergelyk 14:7–24 | | |
| Tien maagde: | 25:1–13 | | sien ook 12:35–36 | | L&V 45:56–59 |
| Talente: | 25:14–30 | | | | |
| Skape, bokke: | 25:31–46 | | | | |
| Kalmering van die storm | 8:23–27 | 4:35–41 | 8:22–25 | | |
| Uitwerping van die legioen van duiwels in varke | 8:28–34 | 5:1–20 | 8:26–29 | | |
| Opwekking van Jaïrus se dogter | 9:18–20, 23–26 | 5:21–24, 35–43 | 8:41–42, 49–56 | | |
| Genesing van vrou met bloedvloeiing | 9:20–22 | 5:25–34 | 8:43–48 | | |
| Opdrag aan die Twaalf | 10:5–42 | 6:7–13 | 9:1–6 | | L&V 18 |
| Voer van vyfduisend | 14:16–21 | 6:33–44 | 9:11–17 | 6:5–14 | |
| Jesus loop op die water | 14:22–33 | 6:45–52 | | 6:15–21 | |
| Brood van die Lewe predikasie | | | | 6:22–71 | |
| Petrus se getuienis van Christus | 16:13–16 | 8:27–29 | 9:18–21 | | |

| Gebeurtenis | Matthéüs | Markus | Lukas | Johannes | Openbarings van die Laaste Dae |
|---|---|---|---|---|---|
| Petrus is die sleutels van die koninkryk belowe | 16:19 | | | | |
| Transfigurasie; priesterskapsleutels oorgedra | 17:1–13 | 9:2–13 | 9:28–36 | | L&V 63:20–21; 110:11–13 |
| Sewentig aangestel en uitgestuur | | | 10:1–12 | | L&V 107:25, 34, 93–97; 124:138–140 |
| Genesing van die blinde man op die Sabbat | | | | 9 | |
| Opwekking van Lasarus | | | | 11:1–53 | |
| Genesing van tien melaatses | | | 17:11–19 | | |
| Seëning van kinders | 19:13–15 | 10:13–16 | 18:15–17 | | |
| Maria salf Christus se voete | 26:6–13 | 14:3–9 | | 12:2–8 | |
| Triomfantelike binnekoms | 21:6–11 | 11:7–11 | 19:35–38 | 12:12–18 | |
| Geldwisselaars uit die tempel gewerp | 21:12–16 | 11:15–19 | 19:45–48 | | |
| Weduwee se penning | | 12:41–44 | 21:1–4 | | |
| Vernietiging van Jerusalem en tekens van die Tweede Koms | 24 | 13 | 21:5–38 | | L&V 45:16–60; JS—M 1 |
| Jesus se laaste Pasga; nagmaal ingestel; opdragte aan die Twaalf; was van dissipels se voete | 26:14–32 | 14:10–27 | 22:1–20 | 13–17 | |
| Jesus is die wingerdstok | | | | 15:1–8 | |
| Jesus se lyding in Getsémané | 26:36–46 | 14:32–42 | 22:40–46 | 18:1 | 2 Ne. 9:21–22; Mosia 3:5–12; L&V 19:1–24 |
| Judas se verraad | 26:47–50 | 14:43–46 | 22:47–48 | 18:2–3 | |
| Verhoor voor Kájafas | 26:57 | 14:53 | 22:54, 66–71 | 18:24, 28 | |

| Gebeurtenis | Matthéüs | Markus | Lukas | Johannes | Openbarings van die Laaste Dae |
|---|---|---|---|---|---|
| Verhoor voor Pilatus | 27:2, 11–14 | 15:1–5 | 23:1–6 | 18:28–38 | |
| Verhoor voor Herodes | | | 23:7–12 | | |
| Jesus word gegésel en bespot | 27:27–31 | 15:15–20 | | 19:1–12 | |
| Die Kruisiging | 27:35–44 | 15:24–33 | 23:32–43 | 19:18–22 | Hel. 14:20–27; 3 Ne. 8:5–22; 10:9 |
| Die Opstanding | 28:2–8 | 16:5–8 | 24:4–8 | | |
| Jesus se verskyning aan die dissipels | | 16:14 | 24:13–32, 36–51 | 20:19–23 | |
| Jesus se verskyning aan Thomas | | | | 20:24–29 | |
| Die Hemelvaart | | 16:19–20 | 24:50–53 | | |

# SELEKSIES VANUIT DIE JOSEPH SMITH-VERTALING VAN DIE BYBEL

Die volgende is geselekteerde gedeeltes van die Joseph Smith-vertaling van die King James-Bybel (JSV). Die Here het die Profeet Joseph Smith geïnspireer om waarhede tot die King James-Bybelteks te herstel wat verlore geraak het sedert die oorspronklike woorde geskryf is. Hierdie herstelde waarhede het leerstellings verhelder en skriftuurlike begrip verbeter.

Omdat die Here sekere waarhede aan Joseph geopenbaar het wat die oorspronklike outeurs opgeteken het, is die Joseph Smith-vertaling anders as enige ander Bybelvertaling in die wêreld. In hierdie sin word die woord *vertaling* in ʼn breër en op ʼn ander wyse as normaalweg gebruik, want Joseph se vertaling was meer openbaring as letterlike vertaling van een taal in ʼn ander.

Joseph Smith se vertaling van die King James-Bybel word verbind met of word genoem in verskeie afdelings van die Leer en Verbonde (sien afdelings 37, 45, 73, 76, 77, 86, 91, en 132). Die boek van Moses en Joseph Smith—Matthéüs is ook uittreksels uit die Joseph Smith-vertaling.

Vir meer inligting oor die Joseph Smith-vertaling, sien "Joseph Smith-vertaling (JSV)" in die Gids tot die Skrifture.

Die volgende illustrasie is ʼn voorbeeld van ʼn seleksie uit die Joseph Smith-vertaling:

Hierdie verwysing in vetdruk is die gedeelte in Joseph Smith se vertaling van die King James-bybel. Omdat sy vertaling woorde tot die Bybelteks herstel het, mag die versnommers verskil van die uitgawe wat u gebruik.

**JSV, Matthéüs 4:1, 5–6, 8–9.** Vergelyk Matthéüs 4:1, 5–6, 8–9; soortgelyke veranderings is in Lukas 4:2, 5–11 aangebring

Hierdie kruisverwysing dui die gedeelte in u Bybel aan wat u moet vergelyk met die Joseph Smith-vertaling.

Jesus is deur die Gees gelei, nie deur Satan nie.

Hierdie stelling verduidelik watter leerstelling Joseph Smith met sy vertaling verhelder het.

1 Toe *is Jesus* deur die Gees na die wildernis gelei om *by God* te wees.

5 Toe *is Jesus opgeneem* in die heilige stad en *die Gees* het hom op *die* bo-punt van die tempel geplaas.

6 *Toe kom die duiwel na hom en sê,* Indien U die Seun van God is, werp Uself af, want dit is geskrywe, Hy sal sy engele opdrag gee aangaande U, en in hulle hande sal hulle U dra, sodat U nie op enige tyd u voet teen ʼn klip stamp nie.

8 *En* verder, *Jesus was in die Gees,*

Dit is die teks soos Joseph Smith dit vertaal het. (Kursief is aangebring om die verskille met die King James-bewoording aan te toon.)

**JSV, Génesis 1:1–8:18.** Vergelyk Génesis 1:1–6:13

Hierdie teks van die Bybel is deur Joseph Smith herstel en is gepubliseer in die Pêrel van Groot Waarde as Seleksies uit die Boek van Moses.

**JSV, Génesis 9:4–6.** Vergelyk Génesis 8:20–22

Na die Vloed versoek Noag die Here om nie weer die aarde te vervloek nie.

4 En Noag het ′n altaar vir die Here gebou, en het van elke rein dier, en van elke rein voël geneem en brandoffers op die altaar geoffer, *en het dank teenoor die Here betuig, en hom in sy hart verbly.*

5 *En die Here het met Noag gespreek, en Hy het hom geseën.* En *Noag* het ′n soet geur geruik, en *hy* het in sy hart gesê;

6 *Ek sal die Naam van die Here aanroep, sodat Hy* nie weer die aarde sal vervloek vanweë die mens nie, want die verbeelding van die mens se hart is boos vanaf sy jeug; *en sodat Hy nie* weer enige lewende ding sal tref, soos *Hy* gedoen het, terwyl die aarde aanhou om te bestaan nie.

**JSV, Génesis 9:10–15.** Vergelyk Génesis 9:4–9

Die mens is verantwoordbaar vir die vergieting van die bloed van diere en van mense. God vestig dieselfde verbond met Noag en sy seuns as wat hy met Henog gesluit het.

10 Maar, *die bloed van alle* vlees *wat Ek julle gegee het vir voedsel, sal op die grond vergiet word, wat die lewe daarvan neem, en die bloed* sal julle nie eet nie.

*11 En sekerlik sal bloed nie vergiet word nie, slegs vir voedsel, om julle lewens te red; en die bloed van elke dier sal Ek van julle hande vereis.*

12 *En* wie ook al die bloed van ′n mens vergiet, deur ′n mens sal sy bloed vergiet word; *want die mens sal nie die bloed van ′n mens vergiet nie.*

13 *Want ′n gebod gee Ek,* dat elkeen se broer die lewe van die mens *moet bewaar,* want na *my eie* beeld *het Ek* die mens gemaak.

14 *En ′n gebod gee Ek aan julle,* Wees julle vrugbaar en vermeerder; bring oorvloedig voort op die aarde, en vermeerder daarop.

15 En God het met Noag gespreek, en met sy seuns met hom, en gesê. En Ek, kyk, Ek *sal* my verbond met julle vestig, *wat Ek met julle vader Henog gesluit het, aangaande* julle nageslag na julle.

**JSV, Génesis 9:21–25.** Vergelyk Génesis 9:16–17

God het die reënboog in die hemel gestel as ′n herinnering aan sy verbond met Henog en met Noag. In die laaste dae sal die algemene samekoms van die Kerk van die Eersgeborene by die regverdiges op die aarde aansluit.

21 En die boog sal in die wolk wees; en Ek sal dit aanskou, sodat Ek die ewigdurende verbond mag onthou *wat Ek met jou vader Henog gesluit het; sodat, wanneer die mens al my gebooie sal onderhou, Sion weer op die aarde sal wees, die stad van Henog wat Ek na myself opgeneem het.*

22 *En dit is my ewigdurende verbond dat wanneer jou nageslag die waarheid sal omhels, en opwaarts*

*kyk, dan sal Sion afwaarts kyk, en al die hemele sal skud met blydskap en die aarde sal bewe van vreugde;*

23 *En die algemene samekoms van die kerk van die eersgeborene sal neerdaal uit die hemel en die aarde besit, en sal plek hê tot die einde kom. En dit is my ewigdurende verbond, wat Ek met jou vader Henog gesluit het.*

24 *En die boog sal in die wolke wees en Ek sal my verbond met jou vestig wat Ek gesluit het* tussen *My* en *jou, vir* elke lewende skepsel van alle vlees wat op die aarde *sal wees.*

25 En God het vir Noag gesê, Dit is die teken van die verbond wat Ek tussen My en *jou* gevestig het; *vir* alle vlees wat op die aarde *sal wees.*

**JSV, Génesis 14:25–40.**

Vergelyk Génesis 14:18–20

Melgisédek seën Abram. Melgisédek se grootse bediening en die magte en seëninge van die Melgisédekse Priesterskap word beskryf.

25 *En Melgisédek het sy stem verhef en Abram geseën.*

26 *Nou was Melgisédek 'n man van geloof wat regverdigheid te weeg gebring het; en toe hy 'n kind was, het hy God gevrees en die bekke van leeus toegestop en die geweld van vuur geblus.*

27 *En dus, nadat hy goedgekeur is deur God, is hy geordineer as hoëpriester na die orde van die verbond wat God met Henog gesluit het.*

28 *En dit was volgens die orde van die Seun van God; welke orde nie deur die mens gekom het nie, nóg die wil van die mens; nóg deur vader of moeder, nóg deur begin van dae of einde van jare; maar van God;*

29 *En dit is oorgelewer aan mans deur die roeping van sy eie stem, ooreenkomstig sy eie wil, aan soveel as wat in sy Naam glo.*

30 *Want God het tot Henog gesweer en tot sy nageslag met 'n eed by Homself gesweer dat elkeen wat geordineer word volgens hierdie orde en roeping, mag sou hê, deur geloof, om berge te verbreek, om die seë te verdeel, om die waters op te droog, om hulle uit hul koers te laat wyk;*

31 *Om die leërs van nasies te weerstaan, om die aarde te verdeel, om elke band te verbreek, om in die teenwoordigheid van God te staan; om alle dinge te doen volgens sy wil, ooreenkomstig sy bevel, prinsdomme en magte te onderwerp; en dít deur die wil van die Seun van God wat was vanaf voor die grondlegging van die wêreld.*

32 *En mans wat hierdie geloof gehad het, wat hierdie orde van God bereik het, is getransformeer en na die hemel opgeneem.*

33 *En nou, Melgisédek was 'n priester volgens hierdie orde; daarom het hy vrede verkry in Salem, en is die Prins van vrede genoem.*

34 *En sy volk het regverdigheid tot stand gebring, en het die hemel verwerf, en gesoek na die stad van Henog wat God voorheen opgeneem het, en dit van die aarde afgesonder het, wat hy teruggehou het tot die laaste dae, of die einde van die wêreld;*

35 *En gesê, en met 'n eed gesweer het, dat die hemele en die aarde saam*

*sou kom; en die seuns van God sou beproef word asof deur vuur.*

36 *En hierdie Melgisédek, nadat hy sodoende regverdigheid gevestig het, is die koning van die hemel genoem, of, met ander woorde, die Koning van vrede.*

37 *En hy het sy stem verhef en hy het Abram geseën, omdat hy die hoëpriester was, en die bewaarder van die voorraadskuur van God;*

38 *Hom wat God aangestel het om die tiendes vir die armes te ontvang.*

39 *Daarom, Abram het aan hom tiendes betaal van alles wat hy gehad het, van al die rykdomme wat hy besit het, wat God hom gegee het, meer as dit wat hy nodig gehad het.*

40 *En dit het gebeur dat God Abram geseën het, en aan hom rykdomme gegee het, en eer, en land vir 'n ewigdurende besitting; ooreenkomstig die verbond wat hy gesluit het, en ooreenkomstig die seëning waarmee Melgisédek hom geseën het.*

**JSV, Génesis 15:9–12.**

Vergelyk Génesis 15:1–6

Abraham leer van die Opstanding en sien 'n visioen van Jesus se aardse bediening.

9 *En Abram het gesê, Here God, hoe sal U vir my hierdie land vir 'n ewigdurende erfenis gee?*

10 *Die Here het gesê, Selfs as jy dood was, is Ek nie in staat om dit vir jou te gee nie?*

11 *En indien jy sal sterwe, tog sal jy dit besit, want die dag kom dat die Seun van die Mens sal lewe; maar hoe kan Hy lewe indien hy nie dood is nie? Hy moet eers verlewendig word.*

12 *En dit het gebeur dat Abram vooruit gekyk het en die dae van die Seun van die Mens gesien het en was bly, en sy siel het rus gevind,* en hy het in die Here geglo; en *die Here* het dit as geregtigheid tot hom gereken.

**JSV, Génesis 17:3–12.**

Vergelyk Génesis 17:3–12

Die volk is ongehoorsaam aan die evangeliese ordinansies, insluitende die doop. God verduidelik aan Abraham die verbond van die besnydenis en die ouderdom van toerekenbaarheid van kinders.

3 En *dit het gebeur dat* Abram op sy aangesig neergeval *en die Naam van die Here aangeroep het.*

4 En God het met hom gepraat en gesê, *My volk het gedwaal van my beginsels en het nie my ordinansies onderhou wat Ek aan hul vaders gegee het nie;*

5 *En hulle het nie my salwing onderhou nie, en die begrafnis, of doop, waarmee Ek hulle gebied het;*

6 *Maar het weggedraai van die gebod, en het op hulleself die wassing van kinders en die bloed van besprinkeling geneem;*

7 *En het gesê dat die bloed van die regverdige Abel vir sondes vergiet is; en het nie geweet waarin hulle voor My toerekenbaar was nie.*

8 *Maar* met *jou*, kyk, *Ek sal* my verbond *sluit* met jou, en jy sal die vader wees van baie nasies.

9 *En hierdie verbond sluit Ek, sodat jou kinders onder alle nasies bekend mag wees.* Nóg sal jou naam nie meer Abram genoem word nie, maar jou naam sal Abraham genoem word; want, 'n vader van talle nasies het Ek jou gemaak.

10 En Ek sal jou uitermate vrugbaar maak, en Ek sal nasies uit jou maak, en konings sal uit jou kom, *en uit jou nageslag.*

11 En Ek sal *'n verbond van besnydenis met jou vestig, en dit sal* my verbond tussen My en jou wees, en jou nageslag na jou, in hulle geslagte; *dat jy vir ewig mag weet dat kinders nie voor My verantwoordbaar is tot hulle agt jaar oud is nie.*

12 *En jy sal poog om al my verbonde te onderhou waarmee Ek met jou vaders verbonde gesluit het; en jy sal die gebooie onderhou wat Ek jou gegee het met my eie mond, en Ek sal 'n God vir jou en vir jou saad na jou wees.*

**JSV, Génesis 17:23–24.**

Vergelyk Génesis 17:17–18

Abraham verheug hom oor die profesie van Isak se geboorte en bid vir Ismael.

23 Toe het Abraham op sy aangesig neergeval en hom *verheug,* en in sy hart gesê, *Daar* sal 'n kind gebore word aan hom wat 'n honderd jaar oud is, en Sara wat negentig jaar oud is *sal baar.*

24 En Abraham het vir God gesê, O dat Ismael *opreg* mag lewe voor U!

**JSV, Génesis 19:9–15.**

Vergelyk Génesis 19:8–10

Lot weerstaan die ongeregtigheid van Sodom, en engele beskerm hom.

9 En hulle het *vir hom* gesê, Staan terug. *En hulle was vertoornd op hom.*

*10 En hulle het onder mekaar gesê, Hierdie een man het ingekom om tussen ons te bly, en hy wil homself opstel as 'n regter; nou sal ons erger met hom handel as met hulle.*

11 *Daarom sê hulle vir die man, Ons wil die mans hê, en jou dogters ook; en ons sal met hulle doen wat ons goeddink.*

12 *Nou was dit volgens die boosheid van Sodom.*

13 En Lot het gesê, Kyk, ek het twee dogters wat geen man beken het nie; laat my, ek smeek julle, *pleit met my broers dat ek hulle nie mag* uitbring na julle nie; en julle *sal nie* aan hulle doen wat goed is in julle oë nie;

14 *Want God sal nie sy dienskneg in hierdie ding regverdig nie, laat my pleit met my broers, net hierdie een keer, dat* julle niks aan hierdie manne doen nie, *dat hulle vrede mag hê in my huis;* want daarom het hulle onder die skadu van my dak gekom.

15 *En hulle was vertoornd op Lot* en het nader gekom om die deur te breek, *maar die engele van God, wat heilige manne was,* het hulle hande uitgesteek en Lot in die huis na hulle getrek en die deur toegemaak.

**JSV, Génesis 21:31–32.**

Vergelyk Génesis 21:32–34

Abraham aanbid die ewigdurende God.

31 Toe het Abiméleg, en Pigol, die hoofkaptein van sy leërskare, opgestaan, en *hulle het 'n bos in Berséba gevestig, en daar die Naam van die Here aangeroep;* en hulle het teruggekeer na die land van die Filistyne.

32 En Abraham *het die ewigdurende God aanbid, en* baie dae vertoef in die land van die Filistyne.

**JSV, Génesis 48:5–11.**

Vergelyk Génesis 48:5–6

Efraim en Manasse word stamme van Israel. Net soos Josef van ouds sy familie fisies gered het, sal sy nageslag Israel geestelik red in die laaste dae.

5 En nou, betreffende jou twee seuns, Efraim en Manasse, wat gebore is vir jou in die land Egipte, voor ek na jou in Egipte gekom het; *kyk, hulle* is myne, *en die God van my vaders sal hulle seën; net soos* Ruben en Símeon *sal hulle geseën word, want hulle is* myne; *daarom sal hulle na my naam vernoem word. (Daarom is hulle Israel genoem.)*

6 En jou nakomelinge wat jy verwek na hulle, sal joune wees, en sal na die naam van hulle broers genoem word in hulle erfenis, *in die stamme, daarom is hulle die stamme van Efraim en Manasse genoem.*

7 *En Jakob sê vir Josef, Toe die God van my vaders aan my verskyn het in Lus, in die land Kanaän; het Hy vir my gesweer dat Hy aan my en aan my nageslag, die land vir 'n ewigdurende besitting sou gee.*

8 *Daarom, o my seun, het Hy my geseën deur jou te verwek om 'n dienskneg vir my te wees, deur my huis van die dood te red.*

9 *Deur my volk te verlos, jou broers, van hongersnood wat swaar was in die land; daarom sal die God van jou vaders jou seën, en die vrug van jou lendene, sodat hulle geseënd sal wees bó jou broers en bó jou vader se huis;*

10 *Want jy het oorwin, en jou vader se huis het neergebuig voor jou; net soos dit aan jou getoon is, voor jy na Egipte verkoop is deur die hande van jou broers; daarom sal jou broers neerbuig voor jou, van geslag tot geslag, voor die vrug van jou lendene vir ewig;*

11 *Want jy sal 'n lig vir my volk wees, om hulle in die dae van hul gevangenskap, van slawerny te verlos; en om heil aan hulle te bring, wanneer hulle algeheel neergebuk is onder die sonde.*

**JSV, Génesis 50:24–38.**

Vergelyk Génesis 50:24–26; 2 Nefi 3:4–22

Josef in Egipte profeteer dat Moses Israel sal bevry van Egiptiese slawerny; van 'n tak van Josef se nageslag wat gelei sal word na 'n verafgeleë land, waar hulle onthou sal word in die verbonde van die Here; van God wat sy profeet in die laaste dae, genaamd Josef, roep om die kronieke van Juda en van Josef saam te voeg; en van Aäron wat as segsman vir Moses dien.

24 En Josef het vir sy broers gesê, Ek sterwe, *en gaan na my vaders; en ek gaan af na my graf met vreugde. Die God van my vader Jakob wees met julle, om julle te verlos van die ellende in die dae van julle slawerny; want die Here het my besoek, en ek het 'n belofte van die Here ontvang dat uit die vrug van my lendene die Here God 'n regverdige tak sal opwek; en aan julle, wat my vader Jakob Israel genoem het, 'n profeet; (nie die Messias wat Silo genoem word nie;) en hierdie*

*profeet sal my volk verlos uit Egipte in die dae van julle slawerny.*

25 *En dit sal gebeur dat hulle weer verstrooi sal word; en 'n tak sal afgebreek word, en sal na 'n verre land gedra word; nietemin sal hulle onthou word in die verbonde van die Here, wanneer die Messias kom; want Hy sal aan hulle geopenbaar word in die laaste dae, in die Gees van mag; en hulle uit die duisternis na die lig bring; uit verborge duisternis, en uit gevangenskap na vryheid.*

26 *'n Siener sal die Here my God opwek wat 'n uitverkore siener vir die vrug van my lendene sal wees.*

27 *So sê die Here God van my vaders aan my, 'n Uitverkore siener sal Ek opwek uit die vrug van jou lendene; en hy sal hoog geag word onder die vrug van jou lendene en aan hom sal Ek 'n gebod gee dat hy 'n werk vir die vrug van jou lendene, sy broers, sal doen.*

28 *En hy sal hulle bring tot die kennis van die verbonde wat Ek met jou vaders gesluit het; en hy sal welke werk wat Ek ook al hom gebied het, doen.*

29 *En Ek sal hom groot maak in my oë, want hy sal my werk doen; en hy sal groot wees soos hom wat Ek gesê het Ek vir julle sou opwek, om my volk te verlos, o huis van Israel, want 'n siener sal Ek opwek om my volk uit die land Egipte te verlos; en hy sal Moses genoem word. En deur hierdie naam sal hy weet dat hy van jou huis is; want hy sal opgevoed word deur die koning se dogter, en sal haar seun genoem word.*

30 *En verder, Ek sal 'n siener opwek uit die vrug van jou lendene, en aan hom sal Ek die mag gee om my woord na vore te bring na die saad van jou lendene; en nie net om my woord na vore te bring nie, sê die Here, maar tot die oortuiging van hulle van my woord, wat alreeds sal uitgegaan het in die laaste dae;*

31 *Daarom sal die vrug van jou lendene skryf, en die vrug van die lendene van Juda sal skryf; en dit wat geskryf sal word deur die vrug van jou lendene, en ook dit wat geskryf sal word deur die vrug van die lendene van Juda sal saamgroei tot die weerlegging van valse leerstellings, en die beëindiging van twiste, en om vrede te vestig onder die vrug van jou lendene, en om hulle te bring tot 'n kennis van hul vaders in die laaste dae; en ook tot die kennis van my verbonde, sê die Here.*

32 *En uit swakheid sal hy sterk gemaak word, in daardie dag wanneer my werk sal uitgaan onder my hele volk, wat hulle sal herstel wat van die huis van Israel is, in die laaste dae.*

33 *En daardie siener sal Ek seën, en hulle wat soek om hom te vernietig sal beskaam word; want hierdie belofte gee Ek aan jou; want Ek sal jou onthou van geslag tot geslag; en sy naam sal Josef genoem word, en dit sal na die naam van sy vader wees; en hy sal soos jy wees; want die ding wat die Here sal voortbring deur sy hand sal my volk tot heil bring.*

34 *En die Here het vir Josef gesweer dat Hy sy nageslag vir ewig sou bewaar, en gesê, Ek sal Moses*

*opwek, en 'n staf sal in sy hand wees, en hy sal my volk bymekaarmaak en hy sal hulle soos 'n kudde lei, en hy sal die waters van die Rooi See met sy staf slaan.*

35 *En hy sal oordeel hê en sal die woord van die Here skryf. En hy sal nie baie woorde spreek nie, want Ek sal vir hom my wet skryf deur die vinger van my eie hand. En Ek sal vir hom 'n woordvoerder maak en sy naam sal Aäron genoem word.*

36 *En dit sal ook aan jou gedoen word in die laaste dae, net soos Ek gesweer het. Daarom* het Josef vir sy broers gesê, God sal julle sekerlik besoek en julle uit hierdie land bring, na die land wat hy tot Abraham, en tot Isak en tot Jakob gesweer het.

37 En Josef *het baie ander dinge aan sy broers bevestig, en* het die kinders van Israel 'n eed laat aflê, en vir hulle gesê, God sal julle sekerlik besoek, en julle sal my gebeente hiervandaan opdra.

38 So het Josef gesterf *toe hy* eenhonderd en tien jaar oud was; en hulle het hom gebalsem en *hulle* het hom in 'n kis in Egipte geplaas; *en die kinders van Israel het hom nie begrawe nie, sodat hy opgedra mag word en in die grafkelder saam met sy vader neergelê kon word. En so het hulle die eed onthou wat hulle tot hom gesweer het.*

**JSV, Exodus 4:21.** Vergelyk Exodus 4:21; 7:3, 13; 9:12; 10:1, 20, 27; 11:10; 14:4, 8, 17; Deuteronómium 2:30

Die Here is nie verantwoordelik vir Farao se hardheid van hart nie. Sien ook JSV, Exodus 7:3, 13; 9:12; 10:1, 20, 27; 11:10; 14:4, 8, 17; elke verwysing, wanneer korrek vertaal, toon dat Farao sy eie hart verhard het.

21 En die Here het vir Moses gesê, Wanneer jy gaan om terug te keer na Egipte, kyk dat jy al daardie wonders voor Farao doen wat Ek in jou hand geplaas het *en Ek sal jou voorspoedig maak;* maar *Farao* sal sy hart verhard *en* hy *sal* nie die volk laat gaan nie.

**JSV, Exodus 4:24–27.** Vergelyk Exodus 4:24–27

Toe die Here dreig om Moses te dood omdat hy nie sy seun besny het nie, red Sippóra sy lewe deur die ordinansie self te verrig. Moses bely sy sonde.

24 En dit het gebeur, *dat die Here aan hom verskyn het terwyl hy* oppad was *na* die herberg. *Die Here was kwaad vir Moses, en sy hand was gereed om op hom te val,* om hom te dood, *want hy het nie sy seun besny nie.*

25 Toe neem Sippóra 'n skerp klip en *besny* haar seun, en het *die klip* voor sy voete gegooi, en gesê, Waarlik *jy is* 'n bloedbruidegom vir my.

26 *En die Here het Moses gespaar en* hom laat gaan, *omdat Sippóra, sy vrou, die kind besny het. En* sy het gesê, jy is 'n bloedbruidegom. *En Moses was beskaamd, en het sy gesig verberg vir die Here, en gesê, Ek het gesondig voor die Here.*

27 En die Here het vir Aäron gesê, Gaan in die wildernis in om Moses te ontmoet, en hy het gegaan en hom ontmoet, op die berg van God; *op die berg waar God aan*

*hom verskyn het;* en *Aäron* het hom gekus.

**JSV, Exodus 18:1.** Vergelyk Exodus 18:1

Jetro is 'n hoëpriester.

1 Toe Jetro, die *hoëpriester* van Midian, Moses se skoonvader, gehoor het van alles wat God vir Moses gedoen het en vir Israel sy volk en dat die Here Israel uit Egipte gelei het;

**JSV, Exodus 22:18.** Vergelyk Exodus 22:18

Moordenaars sal nie lewe nie.

18 Jy sal nie toelaat dat 'n *moordenaar* lewe nie.

**JSV, Exodus 32:14.** Vergelyk Exodus 32:14

Die Here sal die Israeliete spaar wat sal bekeer.

14 En die Here *het vir Moses gesê, Indien hulle sal bekeer* van die boosheid wat *hulle gedoen het, sal Ek hulle spaar, en my kwaai toorn wegkeer; maar kyk, jy sal oordeel vel oor al diegene wat nie vandag wil bekeer van hierdie boosheid nie. Daarom, sien dat jy hierdie ding doen wat Ek jou gebied het, of Ek sal alles uitvoer wat Ek* gedink het om aan *my* volk te doen.

**JSV, Exodus 33:20, 23.** Vergelyk Exodus 33:20, 23

Geen sondige mens kan God se aangesig sien en lewe nie.

20 En hy het *vir Moses* gesê, Jy kan nie my aangesig *op hierdie tydstip* sien nie, *sodat my toorn nie ook teen jou ontvlam word en Ek jou vernietig nie, en jou volk;* want geen sondige mens *onder hulle* kan My *op hierdie tydstip* sien en lewe nie, *want hulle is almal uitermate sondig. En geen sondige mens het te eniger tyd, nog sal daar enige sondige mens op enige tydstip wees wat my aangesig sal sien en lewe nie.*

23 En Ek sal my hand wegneem, en julle sal my agterste gedeeltes sien, maar my aangesig sal nie gesien word, *soos by ander tye nie; want Ek is kwaad vir my volk Israel.*

**JSV, Exodus 34:1–2, 14.** Vergelyk Exodus 34:1–2, 14; L&V 84:21–26

God skryf weer die wet op tafels van klip voorberei deur Moses maar neem die Melgisédekse Priesterskap en die ordinansies daarvan weg van die kinders van Israel. Hy gee aan hulle die wet van vleeslike gebooie in plek daarvan.

1 En die Here het vir Moses gesê, Kap jy twee *ander* kliptafels, net soos die eerstes, en Ek sal *ook* op *hulle* skrywe, die woorde *van die wet, net soos hulle aan die* begin *op die* eerste tafels geskryf was wat jy gebreek het; *maar dit sal nie soos die eerstes wees nie, want Ek sal die priesterskap wegneem uit hulle midde; daarom sal my heilige orde, en die ordinansies daarvan nie voor hulle gaan nie; want my teenwoordigheid sal nie opgaan na hulle midde nie, sodat Ek hulle nie vernietig nie.*

2 *Maar Ek sal aan hulle die wet gee soos aan die begin, maar dit sal volgens die wet van 'n vleeslike ge-*

*bod wees; want Ek het in my toorn gesweer dat hulle nie my teenwoordigheid sal binnegaan nie, in my rus, in die dae van hulle omswerwinge. Daarom, doen soos Ek jou gebied het, en wees gereed in die oggend en kom in die oggend op na berg Sinai en meld jouself aan voor My, op die top van die berg.*

Jehova is een naam waaronder die Ou Testamentiese volk die Here Jesus Christus ken.

14 Want jy sal geen ander god aanbid nie; want die Here, wie se naam *Jehova* is, is ’n jaloerse God.

**JSV, Deuteronómium 10:2.** Vergelyk Deuteronómium 10:2

Op die eerste stel tafels openbaar God die ewigdurende verbond van die heilige priesterskap.

2 En Ek sal op die tafels die woorde skryf wat *op* die eerste tafels was wat jy gebreek het, *behalwe die woorde van die ewigdurende verbond van die heilige priesterskap* en jy sal hulle in die ark plaas.

**JSV, 1 Samuel 16:14–16, 23.** Vergelyk 1 Samuel 16:14–16, 23; soortgelyke veranderings is gemaak aan 1 Samuel 18:10 en 19:9

Die bose gees wat oor Saul kom is nie van die Here nie.

14 Maar die Gees van die Here het Saul verlaat, en ’n bose gees *wat nie van die* Here *was nie,* het hom verontrus.

15 En Saul se diensknegte het vir hom gesê: Kyk nou, ’n bose gees *wat nie van* God *is nie* verontrus u.

16 Laat ons heer nou u diensknegte gebied, wat voor u is, om ’n man te soek wat ’n goeie harpspeler is; en dit sal gebeur, wanneer die bose gees, *wat nie van* God *is nie,* oor u kom, dat hy met sy hand sal speel en u sal goed voel.

23 En dit het gebeur dat toe die bose gees, *wat nie van* God *was nie,* oor Saul was, dat Dawid ’n harp geneem het, en met sy hand gespeel het; sodoende was Saul verkwik, en het beter gevoel, en die bose gees het van hom gewyk.

**JSV, 2 Samuel 12:13.** Vergelyk 2 Samuel 12:13

Dawid se gruwelike sonde is nie deur God weggeneem nie.

13 En Dawid het vir Natan gesê, Ek het teen die Here gesondig. En Natan het vir Dawid gesê, Die Here het *nie* jou sonde weggeneem *sodat* jy nie sal sterf nie.

**JSV, 1 Kronieke 21:15.** Vergelyk 1 Kronieke 21:15

God keer ’n engel om Jerusalem te vernietig.

15 En God het ’n engel gestuur na Jerusalem om dit te vernietig. *En die engel het sy hand uitgestrek na Jerusalem om dit te vernietig; en God het vir die engel gesê, Hou nou jou hand terug, dit is genoeg; want* terwyl hy besig was om te vernietig, het die Here *Israel* gesien, *sodat* Hy hom bekeer het van die boosheid; *daarom het die Here* die engel *teruggehou* wat besig was

om te vernietig *terwyl hy* by die dorsvloer van Ornan gestaan het, die Jebusiet.

**JSV, 2 Kronieke 18:22.** Vergelyk 2 Kronieke 18:22

Die Here plaas nie ’n leuenagtige gees in die monde van profete nie.

22 Nou daarom, kyk, die Here het ’n leuenagtige gees *gevind* in die mond van hierdie jou profete, en die Here het onheil gespreek oor jou.

**JSV, Psalm 11:1–5.** Vergelyk Psalm 11:1–5

In die laaste dae sal die regverdiges vlug na die berg van die Here. Wanneer die Here kom, sal Hy die bose vernietig en die regverdiges verlos.

1 *Op daardie dag sal U kom, o Here; en* ek sal my vertroue *in U* stel. *U sal vir u volk sê, want my oor het u stem gehoor; U sal vir elke* siel *sê,* Vlug na *my* berg; *en die regverdiges sal vlug soos* ’n voël *wat vrygelaat is van die strik van die voëlvanger.*

2 Want die goddelose buig hulle boog; kyk, hulle maak hul pyl gereed op die snaar, sodat hulle in die geheim mag skiet na die opregtes van hart, *om hul fondament te vernietig.*

3 *Maar* die fondamente *van die bose sal* vernietig word, *en* wat kan *hulle* doen?

4 *Want* die Here, *wanneer Hy sal kom na* sy heilige tempel, *sittende op God se* troon in die hemel, sal sy oë *die bose deurboor.*

5 Kyk sy ooglede *sal* die kinders van mense toets *en Hy sal die regverdiges verlos, en hulle sal beproef word.* Die Here het die regverdiges *lief,* maar die goddelose, en hom wat geweld liefhet, haat sy siel.

**JSV, Psalm 14:1–7.** Vergelyk Psalm 14:1–7

Die Psalmskrywer sien die verlies van die waarheid in die laaste dae en sien uit na die oprigting van Sion.

1 Die dwaas het in sy hart gesê, *Daar is geen mens wat God gesien het nie. Omdat Hy Homself nie aan ons toon nie, daarom* is daar geen God nie. *Kyk,* hulle is korrup; hulle het gruwelike werke gedoen, *en niemand van hulle* doen goed nie.

2 *Want* die Here het neergekyk op die kinders van mense vanuit die hemel, *en met sy stem het hy vir sy dienskneg gesê, Soek julle onder kinders van mense* om te sien of daar enigeen is wat God verstaan. *En hy het sy mond geopen tot die Here en gesê, Kyk, al diegene wat sê hulle is u s’n.*

3 *Die Here het geantwoord, en gesê,* Hulle het almal afgedwaal, hulle het tesame vieslik geword, *en jy kan nie een aanskou wat goed doen* nie, nee nie een nie.

4 *Hulle het as hul onderwysers* werkers van ongeregtigheid, *en daar is* geen kennis *in hulle nie. Dit is hulle* wat my volk opeet. Hulle eet brood en roep nie die Here aan nie.

5 Hulle *is* in groot vrees, want God *woon* in die geslag van die regverdiges. *Hy is die raadsman van die armes, omdat hulle skaam*

*is vir die bose, en vlug na die Here, vir hulle toevlug.*

6 *Hulle is skaam vir* die raadsman van die armes omdat die Here hul toevlug is.

7 O dat *Sion gevestig was vanuit die hemel,* die heil van Israel. *O Here, wanneer sal U Sion vestig?* Wanneer die Here die slawerny van sy volk terugbring sal Jakob hom verheug, Israel sal bly wees.

**JSV, Psalm 24:7–10.** Vergelyk Psalm 24:7–10

Die Erekoning sal sy volk verlos met sy koms.

7 Hef julle hoofde op, *o julle geslagte van Jakob;* en wees opgehef; *en* die Here sterk en magtig; die Here sterk in die stryd, wat die koning van heerlikheid is, *sal julle vir ewig vestig.*

8 *En Hy sal die hemele wegrol; en sal neerdaal om sy volk te verlos; om vir julle ′n ewigdurende naam te maak; om julle op sy ewigdurende rots te vestig.*

9 Hef op julle hoofde, *o julle geslagte van Jakob,* hef op *julle hoofde,* julle ewigdurende *geslagte,* en die *Here van die leërskare, die koning van konings;*

10 Selfs die koning van heerlikheid sal *na julle* kom; *en sal sy volk verlos en sal hulle in regverdigheid vestig.* Sela.

**JSV, Psalm 109:4.** Vergelyk Psalm 109:4

Ons moet bid vir ons teenstanders.

4 *En nieteenstaande* my liefde, is hulle my teenstanders; *tog* sal *ek in* gebed *voortduur vir hulle.*

**JSV, Jesaja 29:1–8.** Vergelyk Jesaja 29:1–8

Die boodskappe wat vroeër in Jerusalem gepredik is deur antieke profete, sal in die laaste dae verkondig word deur die Boek van Mormon, wat "uit die grond" voortgekom het.

1 Wee Áriël, Áriël, die stad waar Dawid gewoon het! Voeg jaar by jaar; laat hulle offers bring.

2 Tog sal Ek Áriël benoud maak, en daar sal swarigheid en droefheid wees; *want so het die Here vir my gesê,* Dit sal oor Áriël kom;

3 *Dat* Ek *die Here* ′n laer sal opslaan teen *haar* rondomheen, en *haar* beleër met ′n skans en ek sal forte teen *haar* oprig.

4 En *sy sal* neergebring word, en *sal* spreek uit die grond, en *haar* spraak sal laag wees uit die stof; en *haar* stem sal wees soos dié van ′n geestesbesweerder, uit die grond, en *haar* spraak sal fluister uit die stof.

5 Voorts sal die skare van *haar* vreemdelinge wees soos klein stof, en die menigte van die verskriklikes sal wees soos kaf wat wegwaai; ja, dit sal in ′n oomblik wees, skielik.

6 *Want hulle sal* besoek word deur die Here van die Leërskare met donderweer, en met aardbewing en groot geraas, met storm en stormwind, en die vlam van verterende vuur.

7 En die skare van al die nasies wat teen Áriël stry, en wel almal wat teen haar en haar wapens stry en haar benoud maak, sal soos ′n droom van ′n nagvisioen wees.

*8 Ja, dit sal vir hulle wees en wel*

*soos vir 'n honger man wat droom, en kyk hy eet, maar hy word wakker en sy siel is leeg; of soos vir 'n dors man wat droom, en kyk, hy drink, maar hy word wakker, en kyk, hy is swak, en sy siel dors. Ja, net so sal die skare wees van al die nasies wat teen berg Sion stry.*

**JSV, Jesaja 42:19–23.** Vergelyk Jesaja 42:19–22

Die Here stuur sy dienskneg om diegene te onderrig wat gekies het om die waarheid nie te sien of te hoor nie; diegene wat luister en gehoorsaam is sal vervolmaak word.

19 *Want Ek sal my dienskneg na julle stuur wat blind is; ja, 'n boodskapper om die oë van die blindes te open, en die ore van die dowes oop te maak.*

20 *En hulle sal vervolmaak word nieteenstaande hulle blindheid, indien hulle sal ag slaan op die boodskapper,* die Here se dienskneg.

21 *Julle is 'n volk,* wat baie dinge sien, maar julle neem nie waar nie; julle open die ore om *te hoor, maar julle* hoor nie.

22 Die Here het nie 'n *welbehae in so 'n volk nie, maar* om sy geregtigheid se ontwil sal Hy die wet vergroot en dit eerbaar maak.

23 *Julle is* 'n volk wat beroof en geplunder is; *julle vyande,* almal van hulle, *het julle* verstrik in spelonke, en *het julle verberg* in gevangenisse; hulle *het julle* as prooi *geneem,* en niemand verlos nie; vir buit, en niemand sê, herstel nie.

**JSV, Jeremia 26:13.** Vergelyk Jeremia 26:13

Die Here bekeer nie; die mens bekeer.

13 Daarom nou, verander julle weë en julle handelinge, en gehoorsaam die stem van die Here julle God, *en bekeer,* en die Here sal die ellende *wegkeer* wat Hy teenoor julle uitgespreek het.

**JSV, Amos 7:3.** Vergelyk Amos 7:3

Die Here bekeer nie; die mens bekeer.

3 *En* die Here *het gesê, betreffende Jakob, Jakob sal vanweë daarvan bekeer, daarom sal Ek hom nie heeltemal vernietig nie,* sê die Here.

**JSV, Matthéüs 3:4–6.** Vergelyk Matthéüs 2:4–6

Die profete het voorspel dat Betlehem die plek van die Messias se geboorte sou wees.

4 En nadat hy al die owerpriesters, en skrifgeleerdes van die volk bymekaar laat kom het, het hy van hulle geëis, *en gesê, Waar is die plek waarvan die profete geskryf het,* waar Christus gebore sou word? *Want hy het baie gevrees, tog het hy nie die profete geglo nie.*

5 En hulle het vir hom gesê, *Dit is geskrywe deur die profete dat Hy* in Betlehem van Judéa *gebore sou word,* want so *het hulle gesê,*

6 *Die woord van die Here het tot ons gekom, en gesê,* En jy Betlehem, *wat lê* in die land Judéa, *in jou sal 'n prins gebore word, wat* nie die minste is onder die prinse van Judéa nie; want uit jou sal *die Messias* voortkom, wat my volk Israel sal *red.*

**JSV, Matthéüs 3:24–26.**
Vergelyk Matthéüs 2:23

Jesus word groot en wag op die Here voor die aanvang van sy bediening.

24 *En dit het gebeur dat Jesus grootgeword het met sy broers, en sterk geword het, en het op die Here gewag vir die tyd van sy bediening om te kom.*

25 *En Hy het onder sy vader gedien en Hy het nie soos ander mense gespreek nie, nóg kon Hy geleer word; want Hy het nie nodig dat enigeen hom moes leer nie.*

26 *En na baie jare het die uur van sy bediening aangebreek.*

**JSV, Matthéüs 3:34–36.**
Vergelyk Matthéüs 3:8–9

Diegene wat die boodskap van Johannes die Doper verwerp het, het Christus verwerp. God kan 'n verbondsvolk maak van diegene wat nie van Israel is nie.

34 *Waarom is dit dat julle nie die prediking ontvang van hom wat God gestuur het nie? Indien julle dit nie in julle harte ontvang nie, ontvang julle My nie; en indien julle My nie ontvang nie, ontvang julle Hom nie deur wie Ek gestuur is om getuienis te lewer; en vir julle sondes het julle geen mantel nie.*

35 *Bekeer, daarom, en* bring vrugte voort wat pas by bekering;

36 En moenie dink om binne julleself te sê, *Ons is die kinders van Abraham, en slegs ons het mag om 'n nageslag vir ons vader Abraham te bring nie;* want ek sê vir julle dat God in staat is om uit hierdie klippe kinders *vir* Abraham op te wek.

**JSV, Matthéüs 3:38–40.**
Vergelyk Matthéüs 3:11–12

Johannes die Doper getuig dat Jesus mag het om te doop met die Heilige Gees en met vuur.

38 Ek doop julle inderdaad met water, *na julle* bekering; *en wanneer Hy van wie ek getuienis lewer, kom, wat* magtiger *is* as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie, *(of wie se plek ek nie in staat is om te vul nie), soos ek gesê het, doop ek julle inderdaad voor Hy kom, sodat wanneer Hy kom Hy julle mag* doop met die Heilige Gees en vuur.

39 *En dit is Hy van wie ek getuienis sal lewer,* wie se skop in sy hand *sal wees,* en Hy sal sy dorsvloer deeglik skoonmaak, en sy koring in die skuur inbring; maar *in die volheid van sy eie tyd* sal Hy die kaf verbrand met onblusbare vuur.

40 *So het Johannes gekom, en gepreek en gedoop in die Jordaanrivier; en getuienis gelewer dat Hy wat ná hom sou kom die mag gehad het om te doop met die Heilige Gees en vuur.*

**JSV, Matthéüs 3:43–46.**
Vergelyk Matthéüs 3:15–17

Johannes doop Jesus deur onderdompeling, sien die Heilige Gees neerdaal soos 'n duif, en hoor die Vader se stem.

43 En Jesus het geantwoord en gesê, *Laat My toe om deur jou gedoop te word,* want dit is gepas om alle geregtigheid te vervul. Toe het hy Hom toegelaat.

44 *En Johannes het in die water afgegaan en Hom gedoop.*

45 En toe Jesus gedoop is, het Hy dadelik uit die water opgekom; *en Johannes het gesien,* en kyk, die hemele is aan hom geopen en hy het die Gees van God sien neerdaal soos 'n duif en het op *Jesus* gerus.

46 En kyk, *hy het* 'n stem vanuit die hemel *gehoor* wat sê, Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. *Luister julle na Hom.*

**JSV, Matthéüs 4:1, 5–6, 8–9.** Vergelyk Matthéüs 4:1, 5–6, 8–9; soortgelyke veranderings is in Lukas 4:2, 5–11 aangebring

Jesus is deur die Gees gelei, nie deur Satan nie.

1 Toe *is Jesus* deur die Gees na die wildernis gelei om *by God* te wees.

5 Toe *is Jesus opgeneem* in die heilige stad en *die Gees* het hom op *die* bo-punt van die tempel geplaas.

6 *Toe kom die duiwel na hom en sê,* Indien U die Seun van God is, werp Uself af, want dit is geskrywe, Hy sal sy engele opdrag gee aangaande U, en in hulle hande sal hulle U dra, sodat U nie op enige tyd u voet teen 'n klip stamp nie.

8 *En* verder, *Jesus was in die Gees, en dit* neem hom na 'n uitermate hoë berg en toon aan Hom al die koninkryke van die wêreld en die heerlikheid daarvan.

9 En *die duiwel het weer na Hom gekom, en gesê,* Al hierdie dinge sal ek *aan* U gee, indien U sal neerval en my aanbid.

**JSV, Matthéüs 4:11.** Vergelyk Matthéüs 4:11

Jesus stuur engele om Johannes die Doper te dien.

11 *En nou het Jesus geweet dat Johannes in die gevangenis gewerp was, en Hy het engele gestuur,* en, kyk, *hulle* het gekom en hom gedien.

**JSV, Matthéüs 4:18.** Vergelyk Matthéüs 4:19

Ou Testamentiese profete spreek aangaande Jesus.

18 En Hy het vir hulle *gesê, Ek is Hy van wie dit deur die profete geskryf is;* volg My, en Ek sal julle vissers van mense maak.

**JSV, Matthéüs 4:22.** Vergelyk Matthéüs 4:23

Jesus genees mense onder diegene wat in sy Naam glo.

22 En Jesus het rondgegaan deur die hele Galiléa en onderrig in hulle sinagoges, en die evangelie van die koninkryk gepredik; en allerlei soorte siektes en allerlei *kwale* genees onder die volk *wat in sy Naam geglo het.*

**JSV, Matthéüs 5:21.** Vergelyk Matthéüs 5:19

Wie ook al die gebooie onderhou en ander leer om dieselfde te doen, hy sal gered word.

21 Wie ook al, daarom, een van die minste van hierdie gebooie sal verbreek, en die mense leer *om* so *te doen, hy sal geensins gered word in die koninkryk van die hemel nie;* maar wie ook al *hierdie gebooie van die wet* sal onderhou en hulle onderrig *tot dit alles vervul word,* hy

sal groot genoem word, *en sal gered word* in die koninkryk van die hemel.

**JSV, Matthéüs 6:14.** Vergelyk Matthéüs 6:13; soortgelyke veranderings is in Lukas 11:4 aangebring

Die Here lei ons nie in versoeking nie.

14 En *laat* nie toe dat ons in versoeking *gelei word* nie, maar verlos ons van die bose.

**JSV, Matthéüs 6:22.** Vergelyk Matthéüs 6:22

Indien ons oë enkel gerig is op die heerlikheid van God, sal ons hele liggaam met lig gevul wees.

22 Die lig van die liggaam is die oog; indien jou oog daarom enkel gerig is *op die heerlikheid van God,* sal jou hele liggaam met lig gevul word.

**JSV, Matthéüs 6:25–27.** Vergelyk Matthéüs 6:25; 10:10

Jesus waarsku sy dissipels van die moeisaamheid van hulle werk maar beloof dat Hy die weg sal berei en dat Hemelse Vader vir hulle sal voorsien.

25 *En verder, Ek sê vir julle, Gaan julle die wêreld in, en bekommer julle nie oor die wêreld nie; want die wêreld sal julle haat, en sal julle vervolg, en sal julle wegjaag uit hulle sinagoges.*

26 *Nietemin, julle sal uitgaan van huis tot huis, en die volk leer; en Ek sal voor julle uitgaan.*

27 *En julle hemelse Vader sal vir julle voorsien, watter dinge julle ook al nodig sal hê vir voedsel, wat julle sal eet; en vir kleding, wat julle sal dra of aantrek.*

**JSV, Matthéüs 6:38.** Vergelyk Matthéüs 6:33

Ons moet eers poog om die koninkryk van God op te bou.

38 *Daarom, soek nie die dinge van die wêreld nie,* maar soek julle eers om die koninkryk van God *op te bou* en om sy geregtigheid *te vestig,* en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

**JSV, Matthéüs 7:1–2.** Vergelyk Matthéüs 7:1–2

Moenie onregverdig oordeel nie.

1 *Nou, hierdie is die woorde wat Jesus sy dissipels geleer het wat hulle aan die volk moes sê.*

2 Moenie *onregverdig* oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie; *maar oordeel regverdige oordeel.*

**JSV, Matthéüs 7:4–8.** Vergelyk Matthéüs 7:3–5

Jesus leer sy dissipels om die skrifgeleerdes, Fariseërs, priesters en Leviete te konfronteer vanweë hulle huigelary.

4 *En verder, julle sal vir hulle sê, Waarom is dit dat jy* die splinter wat in jou broer se oog is, sien, maar die balk wat in jou eie oog is merk jy nie op nie?

5 Of hoe wil jy vir jou broer sê, Laat my die splinter uit jou oog haal, *en kan nie* die balk in jou eie oog *sien* nie?

6 *En Jesus het vir sy dissipels gesê, Sien julle die skrifgeleerdes, en die Fariseërs, en die priesters, en die Leviete? Hulle onderrig in hulle*

*sinagoges, maar hulle onderhou nie die wet nóg die gebooie; en almal het van die weg afgedwaal; en verkeer onder sonde.*

7 *Gaan julle en sê vir hulle, Waarom leer julle die mense die wet en die gebooie, terwyl julle self die kinders van korrupsie is?*

8 *Sê vir hulle,* Julle huigelaars, haal eers die balk uit jou eie oog, en dan sal jy duidelik sien om die splinter uit jou broer se oog te haal.

**JSV, Matthéüs 7:9–11.**
Vergelyk Matthéüs 7:6

Jesus leer sy dissipels om bekering te preek en om nie die verborgenhede van die koninkryk met die wêreld te deel nie.

9 *Gaan julle die wêreld in en sê vir almal, Bekeer, want die koninkryk van die hemel het naby julle gekom.*

10 *En die verborgenhede van die koninkryk sal julle vir julself hou; want dit is nie gepas* om dít wat heilig is aan die honde te gee nie; nog werp julle jul pêrels *voor* die varke, sodat hulle dit nie onder hul voete vertrap nie.

11 *Want die wêreld kan nie dít ontvang wat julleself nie in staat is om te aanvaar nie; daarom sal julle nie julle pêrels aan hulle gee nie, sodat hulle nie* omdraai en julle verskeur nie.

**JSV, Matthéüs 7:12–17.**
Vergelyk Matthéüs 7:7–8

Jesus leer sy dissipels dat die Vader openbaring gee aan almal wat vra.

12 *Sê vir hulle, Vra vir God;* vra, en dit sal aan jou gegee word; soek en jy sal vind; klop, en dit sal vir jou oopgemaak word.

13 Want elkeen wat vra, ontvang; en hy wat soek sal vind; en vir hom wat klop, sal dit oopgemaak word.

14 *En toe sê sy dissipels vir Hom, Hulle sal vir ons sê, Ons is regverdig, en het nie nodig dat enigeen ons moet leer nie. God, weet ons, het Moses gehoor en sommige van die profete; maar ons wil Hy nie hoor nie.*

15 *En hulle sal sê, Ons het die wet vir ons heil, en dit is voldoende vir ons.*

16 *Toe antwoord Jesus, en sê vir sy dissipels, So sal julle vir hulle sê,*

17 *Watter mens onder julle, wat 'n seun het, en wat buite staan, en sal sê, Vader, maak oop u huis sodat ek mag inkom en saam met u 'n maaltyd nuttig, sal nie sê nie, Kom binne, my seun; want myne is joune, en joune is myne?*

**JSV, Matthéüs 9:18–21.**
Vergelyk Matthéüs 9:16–17

Jesus verwerp die doop van die Fariseërs; dit het geen waarde omdat hulle Hom nie aanvaar nie. Hy verkondig dat Hy die een is wat die wet van Moses gegee het.

18 *Toe het die Fariseërs vir Hom gesê, Waarom wil U nie ons met ons doop aanvaar nie, aangesien ons die hele wet onderhou?*

19 *Maar Jesus het vir hulle gesê, Julle onderhou nie die wet nie. Indien julle die wet onderhou het, sou julle My aanvaar het, want Ek is Hy wat die wet gegee het.*

20 *Ek ontvang julle nie met julle*

*doop nie, want dit baat julle niks nie.*

21 *Want wanneer dit wat nuut is, gekom het, is die oue gereed om weggedoen te word.*

**JSV, Matthéüs 11:13–15.**
Vergelyk Matthéüs 11:10–11, 13–14

Johannes die Doper is die Elías wat sou kom om die weg vir die Saligmaker voor te berei.

13 *Maar die dae sal kom, wanneer die gewelddadiges geen mag sal hê nie;* want al die profete en die wet het geprofeteer *dat dit so sou wees* tot Johannes.

14 *Ja, soveel as wat geprofeteer het, het oor hierdie dae voorspel.*

15 En indien julle dit sal ontvang, *voorwaar, hy was die* Elías, *wat* sou moes kom *en alle dinge voorberei.*

**JSV, Matthéüs 12:37–38.**
Vergelyk Matthéüs 12:43–44; sien ook JSV, Lukas 12:9–12

Wie ook al teen die Heilige Gees spreek sal nie vergewe word nie.

37 *Toe kom sommige van die skrifgeleerdes na Hom en sê vir Hom, Meester, dit is geskrywe dat, Elke sonde sal vergewe word; maar U sê, Wie ook al spreek teen die Heilige Gees sal nie vergewe word nie. En hulle het Hom gevra en gesê, Hoe kan hierdie dinge wees?*

38 *En Hy het vir hulle gesê,* Wanneer die onrein gees uit 'n mens weggegaan het, loop hy deur droë plekke, en soek rus maar vind niks nie; *maar wanneer 'n mens spreek teen die Heilige Gees,* dan sê hy, Ek sal terugkeer na my huis vanwaar ek uitgekom het; en wanneer hy aangekom het, vind hy *hom* leeg, gevee en netjies; *want die goeie gees laat hom aan homself oor.*

**JSV, Matthéüs 13:39–44.**
Vergelyk Matthéüs 13:39–42; sien ook L&V 86:1–7

Voor die einde van die wêreld (vernietiging van die bose), sal boodskappers gestuur van die hemel die regverdiges bymekaarmaak van onder die bose.

39 Die oes is die einde van die wêreld, *of die vernietiging van die bose.*

40 Die maaiers is die engele, *of die boodskappers gestuur van die hemel.*

41 Net so, daarom, sal die onkruid bymekaargemaak en met vuur verbrand word, sal dit wees aan die einde van hierdie wêreld *of die vernietiging van die bose.*

42 *Want op daardie dag, voor* die Seun van die mens sal *kom,* sal *Hy* sy engele uitstuur *en boodskappers van die hemel.*

43 En hulle sal uit sy koninkryk alles bymekaarmaak wat aanstoot gee, en hulle wat ongeregtigheid doen, en sal hulle uitwerp *van onder die bose; en* daar sal 'n geween en 'n gekners van tande wees.

44 *Want die wêreld sal met vuur verbrand word.*

**JSV, Matthéüs 16:25–29.**
Vergelyk Matthéüs 16:24–26

Jesus verduidelik wat dit beteken "om jou kruis op te neem": om alle goddeloosheid en elke wêreldse lus te versaak en om sy gebooie te onderhou.

25 Toe sê Jesus vir sy dissipels, Indien enigeen agter My wil aankom, laat hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.

26 *En nou, vir 'n mens om sy kruis op te neem, is om homself van alle goddeloosheid te weerhou, en elke wêreldse lus, en My gebooie te onderhou.*

27 *Verbreek nie my gebooie om julle lewens te red nie;* want elkeen wat sy lewe wil red *in hierdie wêreld* sal dit verloor *in die wêreld wat kom.*

28 En wie ook al sy lewe *in hierdie wêreld* sal verloor, om my ontwil, sal dit vind *in die wêreld wat kom.*

29 *Daarom, versaak die wêreld, en red julle siele;* want wat baat dit 'n mens, indien hy die hele wêreld win en sy eie siel verloor? Of wat sal 'n mens gee in ruil vir sy siel?

**JSV, Matthéüs 17:10–14.** Vergelyk Matthéüs 17:11–13

Jesus leer van twee Elíasse—een om voor te berei en 'n ander om te herstel.

10 En Jesus het hom geantwoord en vir hulle gesê, Elías sal waarlik eers kom en alle dinge herstel *soos die profete geskrywe het.*

11 *En verder* sê Ek vir julle dat Elías alreeds gekom het, *aangaande wie dit geskrywe is, Kyk, Ek sal my boodskapper stuur en hy sal die weg voor My voorberei;* en hulle het hom nie herken nie en het aan hom gedoen wat hulle ook al wou.

12 So ook sal die Seun van die mens deur hulle ly.

13 *Maar Ek sê vir julle, Wie is Elías? Kyk, dít is Elías, wat Ek stuur om die weg voor My voor te berei.*

14 Toe het die dissipels verstaan dat Hy met hulle gespreek het van Johannes die Doper, *en ook van 'n ander wat sou kom en alle dinge herstel, soos dit geskrywe is deur die profete.*

**JSV, Matthéüs 18:11.** Vergelyk Matthéüs 18:11; sien ook Moroni 8

Klein kindertjies het nie bekering nodig nie.

11 Want die Seun van die mens het gekom om dit te red wat verlore was, *en om sondaars tot bekering te roep; maar hierdie kleintjies het nie bekering nodig nie, en Ek sal hulle red.*

**JSV, Matthéüs 19:13.** Vergelyk Matthéüs 19:13

Klein kindertjies sal gered word.

13 Toe is daar klein kindertjies na Hom gebring, sodat Hy sy hande op hulle moes plaas en bid. En die dissipels het hulle bestraf en *gesê, Daar is geen nodigheid nie, want Jesus het gesê, Diesulkes sal gered word.*

**JSV, Matthéüs 21:33.** Vergelyk Matthéüs 21:32–33

Die mens moet bekeer alvorens hy in Christus kan glo.

33 *Want hy wat nie Johannes geglo het aangaande My nie kan My nie glo nie, tensy hy eers bekeer.*

**JSV, Matthéüs 21:47–56.** Vergelyk Matthéüs 21:45–46

Jesus verklaar dat Hy die hoof-hoeksteen

is. Die evangelie word aan die Jode en die nie-Jode aangebied. Die bose sal vernietig word wanneer Jesus terugkeer.

47 En toe die owerpriesters en Fariseërs sy gelykenisse gehoor het, het hulle begryp dat Hy van hulle gespreek het.

48 *En hulle het onder mekaar gesê, Sal hierdie man dink dat Hy alleen hierdie groot koninkryk kan vernietig? En hulle was toornig op Hom.*

49 Maar toe hulle gepoog het om hulle hande op Hom te lê, het hulle die skare gevrees, omdat hulle *verneem het dat die skare* Hom vir 'n profeet gehou het.

50 *En nou het sy dissipels na Hom gekom en Jesus het vir hulle gesê, Verwonder julle jul oor die woorde van die gelykenis wat Ek tot hulle gespreek het?*

51 *Voorwaar, Ek sê vir julle, Ek is die steen, en daardie bose verwerp My.*

52 *Ek is die hoeksteen. Hierdie Jode sal op My val en sal gebreek word.*

53 *En die koninkryk van God sal van hulle geneem word en sal aan 'n nasie gegee word wat die vrugte daarvan voortbring; (bedoelende die nie-Jode.)*

54 *Daarom, op wie hierdie steen ook al sal val, dit sal hom tot poeier maal.*

55 *En wanneer die Heer van die wingerd kom, sal hy al die ellendige, goddelose mense vernietig, en sal sy wingerd weer verhuur aan ander landbouers, naamlik in die laaste dae, wat vir hom die vrugte in hulle seisoene sal teruggee.*

56 *En toe verstaan hulle die gelykenis wat Hy tot hulle gespreek het, dat die nie-Jode ook vernietig sou word wanneer die Here sal neerdaal uit die hemel om te heers in sy wingerd, wat die aarde en die bewoners daarvan is.*

**JSV, Matthéüs 23:6.** Vergelyk Matthéüs 23:9

Hy wat in die hemel is, is ons Skepper.

6 En noem niemand julle *skepper* op die aarde of *julle hemelse Vader nie;* want één is julle *skepper en hemelse* Vader, *naamlik Hy wat* in die hemel is.

**JSV, Matthéüs 26:22, 24–25.** Vergelyk Matthéüs 26:26–28; JSV, Markus 14:20–25

Jesus breek eers die nagmaalbrood en seën dit. Die nagmaal is ter gedagtenis aan Jesus se liggaam en bloed.

22 En terwyl hulle geëet het, het Jesus brood geneem en dit *gebreek,* en dit *geseën,* en aan *sy* dissipels gegee en gesê, Neem, eet; dit is *ter gedagtenis van* my liggaam *wat Ek as losprys vir julle gee.*

24 Want dit is *ter gedagtenis* van my bloed van die nuwe testament, wat gestort is vir soveel *as wat in my Naam sal glo,* vir die vergifnis van *hulle* sondes.

25 *En Ek gee aan julle 'n gebod dat julle sal strewe om die dinge te onderhou wat julle My sien doen het, en lewer getuienis van My, ja tot die einde.*

**JSV, Matthéüs 27:3–6.**
Vergelyk Matthéüs 27:3–5; Handelinge 1:18

Judas se dood word beskryf.

3 Toe het Judas, *wat* Hom verraai het, toe hy sien dat Hy veroordeel was, hom bekeer, en weer die dertig silwerlinge na die owerpriesters en ouderlinge gebring,

4 En gesê, Ek het gesondig daarin dat ek die onskuldige bloed verraai het.

5 En hulle het *vir hom* gesê, Wat het dit met ons te make? Sorg vir jouself; *jou sondes rus op jou.*

6 En hy het die silwerlinge in die tempel neergegooi en vertrek en gegaan en homself *aan 'n boom opgehang. En dadelik het hy neergeval en sy ingewande het uitgestort en hy het gesterf.*

**JSV, Markus 2:26–27.**
Vergelyk Markus 2:27–28

Die Seun van die Mens is Here van die Sabbat omdat Hy die Sabbatdag gemaak het.

26 *Daarom is die Sabbat aan die mens gegee vir 'n dag van rus; en ook sodat die mens God moet verheerlik en nie dat die mens nie moet eet nie;*

27 *Want die Seun van die mens het die Sabbatdag gemaak,* daarom is die Seun van mens ook Here van die Sabbat.

**JSV, Markus 3:21–25.**
Vergelyk Markus 3:28–30

Jesus sal alle sondaars vergewe wat bekeer behalwe diegene wat laster teen die Heilige Gees.

21 *En toe kom daar sekere manne na Hom, en beskuldig Hom en sê vir Hom, Waarom ontvang U sondaars, siende dat U uself die Seun van God maak.*

22 *Maar Hy antwoord hulle en sê,* Voorwaar, Ek sê vir julle, Alle sondes *wat die mens begaan het, wanneer hulle bekeer,* sal *hulle* vergewe word; *want Ek het gekom om bekering te predik* aan die kinders van mense.

23 En lasteringe waarmee hulle ook al sal laster, *sal hulle vergewe word wat na My kom, en die werke doen wat hulle My sien doen.*

24 *Maar daar is 'n sonde wat nie vergewe sal word nie.* Hy wat sal laster teen die Heilige Gees het nooit vergifnis nie; maar is in gevaar om *afgesny te word uit die wêreld. En hulle sal* ewige verdoemenis *beërwe.*

25 *En dit het Hy vir hulle gesê* omdat hulle gesê het, Hy het 'n onreine gees.

**JSV, Markus 7:10–12.**
Vergelyk Markus 7:10

Jesus veroordeel diegene wat die profete verwerp en nie die wet van Moses gehoorsaam nie.

10 *Wel deeglik is dit geskrywe van julle, deur die profete wat julle verwerp het.*

11 *Hulle het in der waarheid getuig van hierdie dinge en hulle bloed sal oor julle wees.*

12 *Julle het nie die ordinansies van God onderhou nie;* want Moses het gesê, Eer jou vader en jou moeder; en wie ook al sy vader of moeder vloek, laat hom die dood ly *van die oortreder soos dit in julle*

*wet geskryf is; maar julle onderhou nie die wet nie.*

**JSV, Markus 8:37–38.** Vergelyk Markus 8:35

Wie ook al gewillig is om te sterf om Jesus ontwil sal heil ontvang.

37 Want wie ook al sy lewe wil red, sal dit verloor; *of wie ook al sy lewe wil red, sal gewillig wees om dit neer te lê om My ontwil; en indien hy nie gewillig is om dit neer te lê om My ontwil nie, hy sal dit verloor.*

38 Maar wie ook al *gewillig* sal *wees om* sy lewe om My ontwil te verloor, en die evangelie, hy sal dit red.

**JSV, Markus 8:42–43.** Vergelyk Markus 8:38

Mense wat hulle skaam vir Christus het geen deel aan die eerste opstanding nie, maar diegene wat gewillig is om te sterwe vir Christus sal saam met Hom kom in sy heerlikheid.

42 *En hulle sal nie deel hê aan daardie opstanding wanneer Hy kom nie.*

43 *Want voorwaar Ek sê vir julle, Dat Hy sal kom; en hy wat sy lewe neerlê om my ontwil en vir die evangelie, sal saam met Hom kom, en sal beklee word met sy heerlikheid in die wolk, aan die regterhand van die Seun van die mens.*

**JSV, Markus 9:3.** Vergelyk Markus 9:4

Johannes die Doper is op die Berg van Transfigurasie.

3 En daar het aan hulle verskyn Elías met Moses, *of met ander woorde, Johannes die Doper en Moses;* en hulle het met Jesus gespreek.

**JSV, Markus 9:40–48.** Vergelyk Markus 9:43–48

Jesus vergelyk die afsny van ’n hand of voet met die beëindiging van verbintenisse wat ’n mens kan bedrieg.

40 *Daarom,* as jou hand jou aanstoot gee, sny dit af; *of indien jou broer jou aanstoot gee en nie bely nie en nie versaak nie, sal hy afgesny word.* Dit is beter vir jou om vermink die lewe binne te gaan, as om twee hande te hê, om na die hel te gaan.

41 *Want dit is beter vir jou om die lewe binne te gaan sonder jou broer, as jy en jou broer in die hel gewerp word;* in die vuur wat nooit geblus sal word nie, waar hulle wurm nie sterf nie, en die vuur nie geblus word nie.

42 En *verder,* indien jou voet jou aanstoot gee, sny dit af; *want hy wat jou voorbeeld is waarvolgens jy wandel, indien hy ’n oortreder word, sal hy afgesny word.*

43 Dit is beter vir jou om kreupel die lewe binne te gaan as om twee voete te hê om in die hel gewerp te word; in die vuur wat nooit geblus sal word nie.

44 *Daarom, laat elke mens self staan of val, nie vir ’n ander; of nie op ’n ander staatmaak nie.*

45 *Raadpleeg my Vader en dit wat jy sal vra, sal op daardie presiese oomblik gedoen word, indien jy in geloof vra, en glo dat jy sal ontvang.*

46 En indien jou oog *wat vir jou sien, hy wat aangestel is om oor jou*

*te waak om jou die lig te wys 'n oortreder word en* jou aanstoot gee, pluk *hom* uit.

47 Dit is beter vir jou om die koninkryk van God binne te gaan met een oog, as om twee oë te hê om in die helse vuur gewerp te word.

48 *Want dit is beter dat jy gered sou word as om in die hel gewerp te word met jou broer,* waar hulle wurm nie sterf nie, en waar die vuur nie geblus word nie.

**JSV, Markus 12:32.** Vergelyk Markus 12:27

God is nie 'n God van die dode nie, omdat Hy die dode vanuit hulle grafte opwek.

32 Hy is *daarom* nie die God van die dode nie, maar die God van die lewendes; *want Hy wek hulle op uit hulle grafte.* Julle fouteer daarom grootliks.

**JSV, Markus 14:20–26.** Vergelyk Markus 14:22–25

Jesus stel die nagmaal in ter gedagtenis van sy liggaam en bloed.

20 En terwyl hulle geëet het, het Jesus brood geneem en dit geseën, en gebreek, en aan hulle gegee en gesê, Neem *dit en* eet.

21 *Kyk, dit is vir julle om te doen ter gedagtenis van my liggaam, want so dikwels as wat julle dit doen, sal julle hierdie uur onthou wat Ek met julle was.*

22 En Hy het die beker geneem en nadat Hy gedank het, het Hy dit aan hulle gegee; en hulle het almal daarvan gedrink.

23 En Hy het vir hulle gesê, dit is *ter gedagtenis van* my bloed wat vir vele gestort word, *en die nuwe testament wat Ek aan julle gee; want julle sal getuienis lewer van My aan die hele wêreld.*

24 *En so dikwels as wat julle hierdie ordinansie uitvoer, sal julle My onthou in hierdie uur wat Ek met julle was en van hierdie beker gedrink het met julle, naamlik die laaste keer in my bediening.*

25 Voorwaar, Ek sê vir julle, *Hiervan sal julle getuienis lewer; want* Ek sal nie meer van die vrug van die wingerdstok *met julle* drink nie, tot daardie dag wanneer Ek dit nuut drink in die koninkryk van God.

26 *En nou was hulle bedroef, en het geween oor Hom.*

**JSV, Markus 14:36–38.** Vergelyk Markus 14:32–34

In Getsémané begryp selfs die Twaalf nie Jesus se rol as die Messias ten volle nie.

36 En hulle het by 'n plek gekom wat Getsémané genoem is, *wat 'n tuin was; en die dissipels het begin om baie verontrus te word, en om baie swaarmoedig te word, en om te murmureer in hulle harte, en wonder of dit die Messias is.*

37 *En Jesus, omdat Hy hulle harte geken het,* het vir sy dissipels gesê, Sit julle hier, terwyl Ek sal bid.

38 En Hy neem saam met Hom, Petrus, en Jakobus, en Johannes, *en bestraf hulle,* en sê vir hulle, My siel is uitermate bedroef, *naamlik* tot die dood; vertoef julle hier en waak.

**JSV, Markus 16:3–6.** Vergelyk Markus 16:4–7; Lukas 24:2–4

Twee engele groet die vroue by die graf van die Saligmaker.

3 *Maar* toe hulle gekyk het, het hulle gesien dat die klip weggerol was, (want dit was baie groot,) *en twee engele het daarop gesit*, geklee in lang wit *kleding;* en hulle was bevrees.

4 *Maar die engele sê* vir hulle, Wees nie bevrees nie; julle soek Jesus van Násaret, *wat* gekruisig is; Hy het opgestaan; Hy is nie hier nie; aanskou die plek waar hulle Hom neergelê het;

5 *En* gaan op julle weg, vertel sy dissipels en Petrus dat Hy julle vooruitgaan na Galiléa; daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het.

6 *En hulle, toe hulle die grafkelder binnegaan, het die plek gesien waar hulle Jesus neergelê het.*

**JSV, Lukas 1:8.** Vergelyk Lukas 1:8

Sagaría, Johannes die Doper se vader, is besig om priesterskaptake uit te voer.

8 En terwyl hy die priesteramp vervul het voor die aangesig van God, volgens die orde van sy *priesterskap,*

**JSV, Lukas 2:46.** Vergelyk Lukas 2:46

Die geleerdes in die tempel luister na Jesus en vra Hom vrae.

46 En dit het gebeur na drie dae dat hulle Hom in die tempel gevind het, sittende in die midde van die geleerdes *en hulle het na Hom* geluister, en *Hom* vrae gevra.

**JSV, Lukas 3:4–11.** Vergelyk Lukas 3:4–6

Christus sal kom soos geprofeteer om heil aan Israel en die nie-Jode te bring. In die volheid van tye, sal Hy weer kom om die wêreld te oordeel.

4 Soos dit geskryf is in die boek van die *profeet* Jesaja; *en hierdie is die woorde* wat sê, Die stem van een wat roep in die wildernis: Berei julle die weg van die Here en maak sy paaie reguit.

5 *Want kyk, en sien, Hy sal kom, soos dit geskrywe is in die boek van die profete, om die sondes van die wêreld weg te neem, en om heil na die heidense nasies te bring, om al diegene bymekaar te maak wat verlore is, wat van die skaapkudde van Israel is;*

6 *Ja, naamlik die verstrooides en verdruktes; en ook om die weg te berei en die prediking van die evangelie aan die nie-Jode moontlik te maak;*

7 *En om 'n lig te wees vir almal wat in duisternis sit, na die uiterste dele van die aarde; om die opstanding uit die dood teweeg te bring, en om omhoog te vaar, om aan die regterhand van die Vader te woon.*

8 *Tot die volheid van tye en die wet en die getuienis verseël sal word en die sleutels van die koninkryk weer aan die Vader oorgelewer sal word;*

9 *Om geregtigheid vir almal te bewerkstellig; om in oordeel op almal neer te kom en om al die goddeloses te oortuig van hulle goddelose dade*

*wat hulle gepleeg het; en dit alles op die dag wanneer Hy sal kom;*

10 *Want dit is 'n dag van mag; ja,* elke vallei sal opgevul word en elke berg en heuwel sal verlaag word; die kromme sal reguit gemaak word en die growwe weë sal gelyk gemaak word;

11 En alle vlees sal die heil van God sien.

**JSV, Lukas 3:19–20.** Vergelyk Lukas 3:10–13

Die armes word versorg vanuit die skatkis se oorvloed. Tollenaars (belastinginvorderaars) moenie meer invorder as wat voorgeskrewe is deur die wet nie.

19 *Want dit is welbekend aan jou Theófilus, dat volgens die wyse van die Jode, en ooreenkomstig die gebruik van hulle wet om geld in die skatkis te ontvang, dat uit die oorvloed wat ontvang is aan die armes toegewys is, elkeen sy gedeelte.*

20 *En ooreenkomstig hierdie wyse het die tollenaars ook gedoen, daarom het Johannes* vir hulle gesê, Vereis niks meer as dít wat aan julle voorgeskryf is nie.

**JSV, Lukas 6:29–30.** Vergelyk Lukas 6:29–30

Jesus leer dat dit beter is om vervolging te verduur as om teen 'n vyand te stry.

29 En aan hom wat jou op die wang slaan, bied ook die ander aan, *of, met ander woorde, dit is beter om die ander aan te bied as om weer uit te vaar.* En aan hom wat jou bo-kleed neem, verbied hom nie om ook jou onderkleed te neem nie.

30 *Want dit is beter dat jy jou vyand toelaat om hierdie dinge te neem, as om met hom te stry. Voorwaar Ek sê vir julle, Julle hemelse Vader wat in die geheim sien, sal daardie bose een onder oordeel bring.*

**JSV, Lukas 9:24–25.** Vergelyk Lukas 9:24–25

Die verkryging van wêreldse rykdom is nie die verlies van 'n mens se siel werd nie.

24 Want wie ook al sy lewe wil red, *moet gewillig wees om* dit *te* verloor *om My ontwil; en* wie ook al *gewillig* sal *wees om* sy lewe om My ontwil te verloor, hy sal dit red.

25 Want wat *baat dit 'n mens* as hy die hele wêreld win, *en tog ontvang hy hom nie wat God geordineer het nie, en hy* verloor *sy eie siel, en hy* word self 'n verwerpeling?

**JSV, Lukas 11:53.** Vergelyk Lukas 11:52

Die volheid van die skrifture is die sleutel tot kennis.

53 Wee julle, regsgeleerdes! Want julle het die sleutel tot kennis weggeneem, *die volheid van die skrifture;* julle *gaan* nie self *die koninkryk binne nie;* en *diegene wat* binnegegaan het, het julle verhinder.

**JSV, Lukas 12:9–12.** Vergelyk Lukas 12:9–10; sien ook JSV, Matthéüs 12:37–38 en L&V 132:26–27

Jesus verduidelik dat lastering teen die Heilige Gees nie vergewe sal word nie.

9 Maar hy *wat* My voor mense verloën, sal geloën word voor die engele van God.

10 *Nou het sy dissipels geweet dat Hy dit gesê het, omdat hulle kwaadgespreek het teen Hom voor die volk; want hulle was bang om Hom voor die mense te bely.*

11 *En hulle het onder mekaar geredeneer, en gesê, Hy ken ons harte, en Hy spreek tot ons veroordeling en ons sal nie vergewe word nie. Maar Hy het hulle geantwoord en vir hulle gesê,*

12 Wie ook al 'n woord teen die Seun van die mens sal spreek *en bekeer,* dit sal hom vergewe word; maar hy *wat* laster teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie.

**JSV, Lukas 12:41–57.** Vergelyk Lukas 12:37–48

Jesus leer dat sy diensknegte altyd gereed moet wees vir sy koms.

41 *Want, kyk, Hy kom in die eerste nagwaak, en Hy sal ook kom in die tweede nagwaak, en weer, Hy sal in die derde nagwaak kom.*

42 *En voorwaar Ek sê vir julle, Hy het alreeds gekom, soos dit van Hom geskryf is; en weer, wanneer* Hy in die tweede nagwaak sal kom, of in die derde nagwaak, geseënd is daardie diensknegte *wanneer Hy kom, wat Hy* so *doende sal* vind;

43 *Want die Heer van daardie diensknegte sal Homself omgord en hulle laat sit om te eet, en sal na vore kom en hulle dien.*

44 *En nou, voorwaar, Ek sê hierdie dinge vir julle, sodat julle dit mag weet, dat die koms van die Here soos 'n dief in die nag is.*

45 *En dit is soos 'n man wat 'n huisheer is, wat, indien hy nie oor sy besittings waak nie, kom die dief op 'n uur waarvan hy nie bewus is nie, en neem sy besittings, en verdeel dit onder sy metgeselle.*

46 *En hulle het onder mekaar gesê,* Indien die goeie meester van die huis geweet het watter uur die dief sou kom, sou hy gewaak het, en nie toegelaat het dat by sy huis ingebreek word nie *en die verlies van sy besittings.*

47 *En Hy het vir hulle gesê, Voorwaar, Ek sê vir julle,* wees julle derhalwe ook voorbereid; want die Seun van die mens kom op 'n uur wat julle nie verwag nie.

48 Toe sê Petrus vir hom, Here, spreek U hierdie gelykenis tot ons, of tot almal?

49 En die Here sê, *Ek spreek tot diegene wat die Here heersers* sal maak oor sy huishouding, om *sy kinders* hulle gedeelte van die voedsel op die aangewese tyd te gee.

50 *En hulle het gesê, Wie dan is daardie getroue en verstandige dienskneg?*

51 *En die Here het vir hulle gesê, Dit is daardie dienskneg wat waak, om sy gedeelte van die voedsel te deel op die aangewese tyd.*

52 Geseënd *is* daardie dienskneg wat sy *Heer* sal vind, wanneer Hy kom, só doende.

53 Waarlik, Ek sê vir julle, dat Hy hom heerser sal maak oor alles wat Hy besit.

54 *Maar die bose dienskneg is hy wat nie wakend gevind word nie.*

*En indien daardie dienskneg nie wakend gevind word nie, sal hy* in sy hart sê, My Heer vertraag sy koms; en sal begin om die diensknegte te slaan, en die diensmaagde, en om te eet, en drink, en om dronk te wees.

55 Die *Heer* van daardie dienskneg sal kom op 'n dag wanneer hy nie verwag nie, en op 'n uur waarvan hy nie bewus is nie, en sal hom *afsny,* en sal sy gedeelte aan hom toewys saam met die ongelowiges.

56 En daardie dienskneg wat sy *Heer se* wil geken het en nie voorberei het *vir sy Heer se koms* nie, nog gedoen het ooreenkomstig sy wil, sal met baie houe geslaan word.

57 Maar hy wat nie *sy Heer se wil* geken het nie, en dinge gedoen het wat houe regverdig, sal met 'n paar geslaan word. Want aan wie baie gegee is, van hom sal baie vereis word; en aan wie *die Here* baie toevertrou het, van hom *sal die mense* te meer vra.

**JSV, Lukas 14:35–37.** Vergelyk Lukas 14:34

Diegene wat Moses en die profete ken, glo in Jesus.

35 *Toe het sommiges van hulle na Hom gekom en gesê, Goeie Meester, ons het Moses en die profete, en wie ook al volgens hulle sal leef, sal hy nie lewe hê nie?*

36 *En Jesus het geantwoord, en gesê, Julle ken nóg Moses nóg die profete; want as julle hulle geken het, sou julle in My geglo het; want vir hierdie doel is hulle geskrywe. Want Ek is gestuur sodat julle lewe mag hê. Daarom sal Ek dit vergelyk met* sout *wat* goed is;

37 Maar as die sout *sy* geur verloor *het,* waarmee sal dit smaaklik gemaak word?

**JSV, Lukas 16:16–23.** Vergelyk Lukas 16:16–18

Die wet en die profete getuig van Jesus. Die Fariseërs probeer om die koninkryk te vernietig. Jesus hou die gelykenis van die ryk man en Lasarus voor.

16 *En hulle het vir Hom gesê, Ons het die wet en die profete; maar betreffende hierdie man, Hom sal ons nie aanvaar om ons heerser te wees nie; want Hy maak Homself 'n regter oor ons.*

17 *Toe sê Jesus vir hulle,* Die wet en die profete *getuig van My; ja, en al die profete wat geskryf het, tot* Johannes toe, *het aangaande hierdie dae voorspel.*

18 Sedert daardie tyd word die koninkryk van God gepredik, en elkeen *wat die waarheid soek,* beur daarna.

19 En dit is makliker vir die hemel en aarde om verby te gaan as vir een tittel van die wet om te faal.

20 *En waarom onderrig julle die wet en ontken dit wat geskryf is; en veroordeel Hom wat die Vader gestuur het om die wet te vervul, sodat julle almal verlos mag word?*

21 *O dwase! want julle het in julle harte gesê, Daar is geen God nie. En julle verdraai die regte weg; en die koninkryk van die hemel ly geweld deur julle; en julle vervolg*

*die sagmoediges; en in julle geweld soek julle om die koninkryk van God te vernietig; en julle neem die kinders van die koninkryk deur geweld. Wee julle owerspeliges!*

22 *En hulle het weer teen Hom uitgevaar, omdat hulle toornig was oor die woorde dat hulle owerspeliges was.*

23 *Maar Hy het voortgegaan en gesê,* Wie ook al sy vrou skei en ʼn ander trou, pleeg egbreuk; en wie ook al haar trou wat deur haar man geskei is, pleeg egbreuk. *Voorwaar Ek sê vir julle, Ek sal julle vergelyk met die ryk man.*

**JSV, Lukas 17:21.** Vergelyk Lukas 17:20–21

Die koninkryk van God het reeds gekom.

21 Nog sal hulle sê, Kyk, hier! of, Kyk daar! Want, sien, die koninkryk van God *het alreeds na julle gekom.*

**JSV, Lukas 17:36–40.** Vergelyk Lukas 17:37

Jesus vertel die gelykenis van die arende om die versameling van sy Heiliges in die laaste dae te verduidelik.

36 En hulle het geantwoord en vir Hom gesê, Waarheen, Here, *sal hulle geneem word?*

37 En Hy sê vir hulle, Waar ook al die liggaam *versamel* is; *of, met ander woorde, waar die heiliges versamel is,* daar sal die arende byeen versamel wees; *of, daarheen sal die res byeen versamel word.*

38 *Dit het Hy gespreek om die versameling van sy heiliges aan te dui; en van engele wat neerdaal en die oorblywendes van hulle na hul te versamel; die een van die bed, die ander van malery en die ander van die veld, vanwaar Hy ook al wil.*

39 *Want voorwaar daar sal nuwe hemele wees en ʼn nuwe aarde waarin regverdigheid bestaan.*

40 *En daar sal geen onrein ding wees nie; want die aarde sal oud word, net soos ʼn kledingstuk, en omdat dit toegeneem het in korrupsie, daarom verdwyn dit, en die voetbank bly geheilig, gereinig van alle sonde.*

**JSV, Lukas 18:27.** Vergelyk Lukas 18:27

Om op rykdomme te vertrou, verhoed ʼn persoon om die koninkryk van God binne te gaan.

27 En Hy het *vir hulle* gesê, *Dit is onmoontlik vir hulle wat op rykdomme vertrou om die koninkryk van God binne te gaan; maar hy wat die dinge wat van hierdie wêreld is, versaak, is dit* moontlik deur God *dat hy mag binnegaan.*

**JSV, Lukas 21:24–26.** Vergelyk Lukas 21:25–26

Jesus praat oor sommige tekens van sy koms.

24 *Nou hierdie dinge het Hy tot hulle gespreek, betreffende die vernietiging van Jerusalem. En toe het sy dissipels Hom gevra, en gesê, Meester, vertel ons van u koms?*

25 *En Hy het hulle geantwoord en gesê: In die geslag waarin die tye van die nie-Jode vervul sal word,* sal daar tekens in die son, en in die maan, en in die sterre wees; en op die aarde benoudheid van nasies met verbystering, *soos* die see en

die brullende golwe. *Die aarde sal ook in beroering wees, en die waters van die groot diepte;*

26 Mense se harte sal hulle faal vanweë vrees, en omdat hulle soek vir daardie dinge wat na die aarde kom. Want die magte van die hemel sal geskud word.

**JSV, Lukas 21:32.** Vergelyk Lukas 21:32

Alles sal vervul word wanneer die tye van die nie-Jode vervul word.

32 Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag, *die geslag wanneer die tye van die nie-Jode vervul word,* sal nie verbygaan tot alles vervul is nie.

**JSV, Lukas 23:35.** Vergelyk Lukas 23:34

Jesus vra vergifnis vir die Romeinse soldate wat Hom kruisig.

35 Toe sê Jesus, Vader, vergewe hulle; want hulle weet nie wat hulle doen nie *(Bedoelende die soldate wat Hom gekruisig het,)* en hulle het sy klere verdeel en die lot gewerp.

**JSV, Lukas 24:2–4.** Vergelyk Lukas 24:2–5

Die vroue sien twee engele by Jesus se grafkelder.

2 En hulle het die steen weggerol van die grafkelder gevind, *en twee engele wat daarby staan in blink klere.*

3 En hulle het *die grafkelder binnegegaan,* en *toe hulle nie* die liggaam van die Here Jesus *gevind het nie,* was hulle baie verbaas daaroor;

4 En was *bevrees,* en het hulle gesigte neergebuig na die aarde toe. *Maar kyk, die engele* het vir hulle gesê, Waarom soek julle die lewende onder die dooies?

**JSV, Johannes 1:1–34.** Vergelyk Johannes 1:1–34

Die evangelie van Jesus Christus was vanaf die begin gepredik. Johannes die Doper is die Elías wat die weg vir Christus voorberei, en Jesus Christus is die Elías wat alle dinge herstel en deur wie heil kom.

1 In die begin is die *evangelie gepredik deur die Seun. En die evangelie was die woord,* en die *woord was* met *die Seun, en die Seun was by God,* en die *Seun* was *van* God.

2 Hy was in die begin by God.

3 Alle dinge is deur Hom gemaak; en sonder Hom is niks gemaak wat gemaak is nie.

4 In Hom *was die evangelie* en *die evangelie was die lewe* en die lewe was die lig van die mens;

5 En die lig skyn *in die wêreld* en die *wêreld het dit nie bemerk* nie.

6 Daar was ′n man van God gestuur, wie se naam Johannes was.

7 Hy het *in die wêreld* gekom as ′n getuie, om getuienis te lewer van die *lig, en getuienis te lewer van die evangelie deur die Seun, aan almal,* sodat deur Hom *mense* mag glo.

8 Hy was nie daardie *lig* nie, maar *het gekom* om getuienis te lewer van daardie *lig,*

9 Wat die ware *lig* was, wat elke mens verlig *wat* die wêreld binnekom;

10 *Naamlik die Seun van God.*

Hy *wat* in die wêreld was en die wêreld was deur Hom gemaak en die wêreld het Hom nie geken nie.

11 Hy het na sy eie gekom en sy eie het Hom nie aanvaar nie.

12 Maar soveel as wat Hom aanvaar het, aan hulle het Hy mag gegee om die seuns van God te word; *slegs* aan hulle wat in sy Naam glo.

13 *Hy is* gebore, nie deur bloed nie, nóg deur die wil van die vlees, nóg deur die wil van die mens, maar van God.

14 En *dieselfde woord* is vlees gemaak, en onder ons gewoon, en ons het sy heerlikheid aanskou, die heerlikheid soos van die Eniggeborene van die Vader, vol genade en waarheid.

15 Johannes het van Hom getuienis *gelewer,* en uitgeroep, en gesê, Dit *is* Hy van wie ek gespreek het; Hy wat ná my kom, word bó my verkies; want Hy was voor my.

16 *Want in die begin was die Woord, naamlik die Seun, wat vlees gemaak is, en na ons gestuur is deur die wil van die Vader. En soveel as wat in sy Naam glo, sal van sy volheid ontvang.* En van sy volheid het ons almal ontvang, *naamlik onsterflikheid en die ewige lewe, deur sy genade.*

17 Want die wet is *deur* Moses gegee, maar *die lewe* en waarheid het *deur* Jesus Christus gekom.

18 *Want die wet was ooreenkomstig 'n vleeslike gebod, wat die dood gebring het; maar die evangelie was ooreenkomstig die mag van 'n eindelose lewe, deur Jesus Christus, die Eniggebore Seun, wat in die boesem van die Vader is.*

19 *En* geen mens het God te eniger tyd gesien nie, *tensy Hy getuienis gelewer het van die Seun; want tensy dit deur Hom is, kan geen mens gered word nie.*

20 En die is die kroniek van Johannes, toe die Jode die priesters en Leviete van Jerusalem gestuur het om hom te vra; Wie is u?

21 En hy het erken, en nie ontken *dat hy Elías was nie;* maar erken, en *gesê;* Ek is nie die Christus nie.

22 En hulle het hom gevra, *en gesê; Hoe dan is u Elías?* En hy het gesê, Ek is nie *daardie Elías wat alle dinge moes herstel nie. En hulle het hom gevra,* Is u daardie profeet? En hy het geantwoord, Nee.

23 Toe sê hulle vir hom, Wie is u? sodat ons 'n antwoord mag gee aan hulle wat ons gestuur het? Wat sê u van uself?

24 Hy het gesê, Ek is die stem van een roepende in die wildernis, Maak die weg van die Here reguit, soos die profeet Jesaja gesê het.

25 En hulle wat gestuur is, was van die Fariseërs.

26 En hulle het hom gevra, en vir hom gesê; Waarom doop u dan as u nie die Christus is nie, nóg Elías *wat alle dinge moet herstel,* nóg daardie profeet?

27 Johannes het hulle geantwoord en gesê; Ek doop met water, maar daar staan een onder julle wat julle nie ken nie;

28 Hy is die een *van wie ek getuienis lewer. Hy is daardie profeet, naamlik Elías,* wat ná my kom, verkies word bó my, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie, *of wie se plek ek nie in staat is om te vul nie; want hy sal doop, nie slegs met water nie, maar met vuur en met die Heilige Gees.*

29 Die volgende dag sien Johannes Jesus wat na hom kom en gesê; Kyk die Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegneem!

30 *En Johannes het getuienis gelewer aan die volk en gesê,* Dit is Hy van wie ek gesê het; ná my kom 'n man wat verkies word bó my; want hy was vóór my, en ek het Hom geken, *en* dat Hy aan Israel geopenbaar gemaak sou word; daarom kom ek en doop met water.

31 En Johannes het getuienis gelewer, en gesê: *Toe Hy deur my gedoop was,* het ek die Gees gesien neerdaal van die hemel soos 'n duif, en dit het op Hom gerus.

32 En ek het Hom geken; *want* Hy het my gestuur om met water te doop, Hy het vir my gesê; Op wie jy die Gees sal sien neerdaal en op hom vertoef, dit is Hy wat doop met die Heilige Gees.

33 En ek het gesien en lewer getuienis dat dit die Seun van God is.

34 *Hierdie dinge is in Betábara gedoen, oorkant die Jordaan, waar Johannes besig was om te doop.*

**JSV, Johannes 1:42.** Vergelyk Johannes 1:42

Céfas beteken "siener" of "steen."

42 En hy het hom na Jesus gebring. En toe Jesus hom sien het Hy gesê, Jy is Simon, die seun van Jona, jy sal Céfas genoem word, wat beteken, deur interpretasie, *'n siener of* 'n steen. *En hulle was vissermanne. En dadelik het hulle alles gelos en Jesus gevolg.*

**JSV, Johannes 4:1–4.** Vergelyk Johannes 4:1–2

Die Fariseërs wil Jesus om die lewe bring. Hy voer sommige dope uit, maar sy dissipels voer meer uit.

1 Dus, toe die Fariseërs gehoor het dat Jesus meer dissipels gehad en gedoop het as Johannes,

2 *Het hulle meer ywerig gesoek na 'n wyse dat hulle hom mag doodmaak; want baie het Johannes as 'n profeet aanvaar, maar húlle het nie in Jesus geglo nie.*

3 *Nou het die Here dit geweet,* alhoewel *Hy* nie *soveel soos* sy dissipels gedoop het nie;

4 *Want Hy het hulle toegelaat vir 'n voorbeeld, hoe die een die ander moet voorgaan.*

**JSV, Johannes 4:26.** Vergelyk Johannes 4:24

God belowe sy Gees aan die ware gelowiges.

26 *Want aan diesulkes het* God *sy* Gees *belowe.* En hulle *wat* Hom aanbid, moet in gees en in waarheid aanbid.

**JSV, Johannes 6:44.** Vergelyk Johannes 6:44

Die Vader se wil is dat almal Jesus ontvang. Diegene wat die wil van Jesus doen, sal opgerig word in die opstanding van die regverdiges.

44 Niemand kan na My toe kom nie, tensy *hy die wil van my* Vader *doen wat* My gestuur het. *En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, sodat julle die Seun ontvang; want die Vader lewer getuienis van Hom; en hy wat die getuienis ontvang, en die wil doen van Hom wat My gestuur het,* sal Ek oprig *in die opstanding van die regverdiges.*

**JSV, Johannes 13:8–10.** Vergelyk Johannes 13:8–10

Jesus was die voete van die Apostels om die wet van die Jode te vervul.

8 Petrus het vir Hom gesê, U *het nie nodig* om my voete te was nie. Jesus het hom geantwoord, Indien Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie.

9 Simon Petrus sê vir Hom, Here, nie net my voete nie, maar ook my hande en my hoof.

10 Jesus het vir hom gesê, Hy wat *sy hande* gewas het *en sy hoof,* het nie nodig nie, behalwe om sy voete te was, maar is skoon, elke deeltjie; en julle is skoon, maar nie almal nie. *Nou was dit die gebruik van die Jode onder hulle wet; daarom het Jesus dit gedoen sodat die wet vervul mag word.*

**JSV, Johannes 14:30.** Vergelyk Johannes 14:30

Die prins van die duisternis, of Satan, is van hierdie wêreld.

30 Hierna sal Ek nie baie met julle praat nie; want die prins *van die duisternis, wat* van hierdie wêreld is, kom, *maar* het *geen mag oor My nie, maar hy het mag oor julle.*

**JSV, Handelinge 9:7.** Vergelyk Handelinge 9:7; 22:9

Diegene wat saam met Paulus is tydens sy bekering sien die lig, maar hulle hoor nie die stem of sien nie die Here nie.

7 En *hulle wat saam* met hom *gereis het, het inderdaad die lig gesien en was bevrees; maar hulle het nie die stem gehoor van Hom wat met hom gespreek het nie.*

**JSV, Handelinge 22:29–30.** Vergelyk Handelinge 22:29–30

Die hoofkaptein het Paulus losgemaak van sy bande.

29 Toe het hulle dadelik van hom af weggegaan wat hom moes ondersoek. En die hoofkaptein was ook bevrees nadat hy uitgevind het dat hy ʼn Romein was, omdat hy hom vasgebind het, *en hy het hom losgemaak van sy bande.*

30 Die volgende dag, omdat hy met sekerheid wou weet waarvan hy aangekla was deur die Jode, het *hy* die owerpriesters en hulle hele raad beveel om te verskyn, en Paulus afgebring, en hom voor hulle gestel.

**JSV, Romeine 3:5–8.** Vergelyk Romeine 3:5–8

Paulus leer dat ʼn mens nie kwaad kan doen om die goeie tot stand te bring nie.

5 Maar as *ons vertoef in* ons ongeregtigheid *en* die geregtigheid van God bewys, *hoe durf* ons sê, God is onregverdig wat wraak neem? (Ek spreek as ʼn mens *wat God vrees,*)

6 God behoed; want hoe sal God dan die wêreld oordeel?

7 Want as die waarheid van God meer oorvloedig geword het deur my leuen, *(soos dit deur die Jode genoem word,)* tot sy heerlikheid; waarom word ek nog ook geoordeel as 'n sondaar? en nie *ontvang nie? Omdat* ons as lasterlik beskou *word;*

8 En sommiges bevestig dat ons sê, (*wie se verdoemenis regverdig is,)* Laat ons kwaaddoen sodat die goeie mag kom. *Maar dit is vals.*

**JSV, Romeine 4:2–5.** Vergelyk Romeine 4:2–5

Die mens kan slegs deur die genade van Jesus Christus gered word, nie deur werke wat verband hou met gehoorsaamheid aan die wet van Moses nie.

2 Want as Abraham geregverdig is deur *die wet van* werke, kan hy *in homself* roem; maar nie *van* God nie.

3 Want wat sê die skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken.

4 Nou aan hom *wat geregverdig is deur die wet van werke,* word die beloning toegereken, nie deur genade nie, maar deur skuld.

5 Maar aan hom wat *nie soek om geregverdig te word deur die wet van werke nie,* maar glo in Hom wat *nie* die goddeloses regverdig nie, sy geloof word gereken as geregtigheid.

**JSV, Romeine 4:16.** Vergelyk Romeine 4:16

Beide geloof en werke, deur genade, is noodsaaklik vir heil.

16 Daarom *is julle geregverdig* deur geloof *en werke, deur* genade, sodat die belofte seker mag wees vir die hele nageslag; nie slegs vir *hulle* wat *van* die wet is nie, maar ook vir *hulle wat* van die geloof van Abraham *is;* wat die vader van ons almal is,

**JSV, Romeine 7:5–27.** Vergelyk Romeine 7:5–25

Slegs Christus het die mag om permanent mense se siele ten goede te verander.

5 Want toe ons in die vlees was, die begeerlikhede van sonde, wat *nie volgens* die wet was nie, het in ons ledemate gewerk om vrugte voort te bring tot die dood.

6 Maar nou is ons verlos van die wet waarin ons gevange gehou was, *en dood was voor die wet,* sodat ons moes dien in die nuutheid van gees, en nie in die oudheid van die letter nie.

7 Wat sal ons dan sê? Is die wet sonde? God behoed. Nee, ek sou nie sonde geken het nie, behalwe deur die wet; want ek het nie wellus geken nie, behalwe dat die wet gesê het, Jy mag nie begeer nie.

8 Maar die sonde, het die geleentheid aangegryp deur die gebod, het in my allerlei soorte wellus opgewek. Want sonder die wet was die sonde dood.

9 Want *eens* was ek lewend sonder *oortreding van* die wet, maar toe die gebod *van Christus* kom, het die sonde herleef, en ek het gesterf.

10 En *toe ek nie* die gebod *van Christus geglo het wat gekom het nie,* wat geordineer was tot die

lewe, het ek gevind dat *dit my* tot die dood *veroordeel* het.

11 Want die sonde, wat die geleentheid aangegryp het, en die gebod *verloën het en* my bedrieg het; en daardeur *is ek gedood.*

12 *Nietemin, ek het* die wet heilig *bevind,* en die gebod om heilig *te wees,* en regverdig, en goed.

13 Het dan dit wat goed is die dood vir my geword? God behoed. Maar die sonde, sodat dit mag blyk om sonde te wees, is deur die goeie besig om die dood in my te bewerkstellig; sodat die sonde, deur die gebod, uitermate sondig mag word.

14 Want ons weet dat die *gebod* geestelik is; maar *toe ek onder die wet was,* was ek *nog* vleeslik, verkoop onder die sonde.

15 *Maar nou is ek geestelik;* want dit wat *ek gebied is om te doen, doen ek; en dit wat ek gebied word om nie toe te laat nie,* laat ek nie toe nie.

16 Want dit wat ek *weet nie reg is nie, sal ek* nie *doen nie; want dit wat sonde is,* haat ek.

17 Indien ek dan dít wat ek *nie* sal *toelaat,* nie doen nie, stem ek toe tot die wet, dat dit goed is; *en ek word nie veroordeel nie.*

18 Nou dan, dit is nie meer dat ek *sonde doen* nie; maar Ek *poog om daardie* sonde te *onderwerp* wat in my woon.

19 Want ek weet dat in my, dit is, in my vlees, woon geen goeie ding nie; want die wil is teenwoordig in my, *maar* om dit wat goed is te doen, ervaar ek nie, *slegs in Christus.*

20 Want die goed wat ek sou *gedoen het terwyl onder die wet, vind ek nie as goed nie;* daarom doen ek *dit* nie.

21 Maar die kwade wat ek nie *onder die wet* sou doen nie, *vind Ek om goed te wees;* dit doen ek.

22 Nou, indien ek dit doen, *met die hulp van Christus,* sou ek dit nie *onder die wet doen nie, is ek nie onder die wet nie; en* dit is nie meer *dat ek poog om onregverdig te handel nie,* maar om die sonde *te onderwerp* wat in my woon.

23 Ek vind dan *onder die* wet, dat wanneer ek goed wou doen, *was* die kwade teenwoordig met my; want ek verheug my in die wet van God ooreenkomstig die innerlike mens.

24 *En nou* sien ek 'n ander wet, *naamlik die gebod van Christus en dit is in my verstand ingeprent.*

25 *Maar* my ledemate stry teen die wet van my verstand, en bring my in slawerny van die wet van die sonde wat in my ledemate is.

26 *En indien ek nie die sonde wat in my is onderwerp nie, maar in die vlees die wet van die sonde dien;* o ellendige mens wat ek is! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?

27 Ek dank God deur Jesus Christus ons Here, *dan, dat* ek self so met die verstand die wet van God dien.

**JSV, Romeine 8:8.** Vergelyk Romeine 8:8

Diegene wat die weë van die vlees volg, kan God nie behaag nie.

8 Daarom, hulle wat *na* die vlees is, kan God nie behaag nie.

**JSV, Romeine 8:29–30.** Vergelyk Romeine 8:29–30

Jesus Christus heilig die regverdiges ter voorbereiding van hulle heil.

29 Vir *hom* wat Hy vooraf geken het, het Hy ook voorafverordineer om te konformeer met *sy eie* beeld, sodat Hy die eersgeborene mag wees onder vele broers.

30 Voorts, *hom* wat Hy voorafverordineer het; *hom* het Hy ook geroep; en *hom* wat Hy geroep het, *hom* het Hy ook *geheilig;* en *hom* wat Hy *geheilig* het, *hom* het Hy ook verheerlik.

**JSV, Romeine 13:6–7.** Vergelyk Romeine 13:6–7

Diegene wat burgerlike gesag eer, maak hulle eer vir God groter en meer volmaak.

6 Want, om hierdie rede betaal *julle jul toewydings* ook *aan hulle;* want hulle is God se dienaars, wat voortdurend hiermee besig is.

7 *Maar eers,* betaal alles wat hulle toekom, *volgens gebruik,* belasting aan wie belasting, tol aan wie tol, *sodat julle toewydings gedoen mag word uit* vrees *vir Hom* aan wie vrees *toekom, en ter* ere *van hom* aan wie eer *toekom.*

**JSV, 1 Korinthiërs 7:1–2, 5, 26, 29–33, 38.** Vergelyk 1 Korinthiërs 7:1–2, 5, 26, 29–38

Paulus leer dat die huwelik gewens is. Diegene geroep as sendelinge, dien God egter beter as hulle enkellopend bly gedurende hulle bediening.

1 Nou, betreffende die dinge waaroor julle aan my geskryf *en gesê het,* Dit is goed vir ′n man om nie aan ′n vrou te raak nie.

2 Nietemin, *sê ek,* om ontug te vermy, laat elke man sy eie vrou hê en laat elke vrou haar eie man hê.

5 Julle moet nie van *mekaar weggaan* nie, tensy dit met toestemming is vir ′n tydperk, sodat julle julself mag toewy aan vas en gebed; en kom weer bymekaar, sodat Satan julle nie mag versoek weens julle gebrek aan selfbeheersing nie.

26 Ek veronderstel derhalwe dat dit goed is vir die huidige probleme vir ′n mens om so te *bly sodat hy die meer goed kan doen.*

29 Maar *ek spreek tot julle wat geroep is tot die bediening. Want* dit sê Ek, broers, *die oorblywende* tyd is maar kort, *dat julle uitgestuur sal word na die bediening. Selfs* hulle wat vroue het, *sal* wees asof hulle geen gehad het nie; *want julle is geroep en gekies om die Here se werk te doen.*

30 En *dit sal met hulle wees* wat ween, asof hulle nie geween het nie; en hulle wat hulle verheug, asof hulle hul nie verheug het nie, en hulle wat koop, asof hulle nie besit nie;

31 En hulle wat hierdie wêreld gebruik, asof hulle dit nie *gebruik* nie; want die vorm van hierdie wêreld gaan verby.

32 Maar *ek hoop, broers, dat julle jul roeping verheerlik.* Ek wil hê dat julle sonder sorge sal wees. Want hy wat ongetroud is, sorg vir die dinge wat aan die Here behoort,

hoe hy die Here mag behaag; *daarom oorwin hy.*

33 Maar hy wat getroud is, sorg vir die dinge van die wêreld, hoe hy sy vrou mag behaag; *daarom is daar 'n verskil, want hy word belemmer.*

38 Daarom, hy wat *homself* in die huwelik uitgee, doen goed; maar hy wat *homself* nie in die huwelik uitgee nie doen beter.

**JSV, 1 Korinthiërs 15:40.** Vergelyk 1 Korinthiërs 15:40

Daar is drie grade van heerlikheid in die Opstanding.

40 Ook selestiale liggame, *en terrestriale liggame,* en telestiale liggame; maar die heerlikheid van die selestiale, een; en die terrestriale 'n ander; *en die telestiale, 'n ander.*

**JSV, 2 Korinthiërs 5:16.** Vergelyk 2 Korinthiërs 5:16

Paulus raai die Heiliges aan om nie na die weë van die vlees te wandel nie.

16 Daarom, voortaan *leef* ons nie *meer* na die vlees nie; *ja, alhoewel ons eenmaal na die vlees geleef het, nietemin,* tog nadat ons Christus geken het, nou en voortaan *leef* ons nie meer *na die vlees nie.*

**JSV, Galásiërs 3:19–20.** Vergelyk Galásiërs 3:19–20

Moses is die middelaar van die eerste verbond of die wet. Jesus Christus is die middelaar van die nuwe verbond.

19 Daarom dan, is *die wet* bygevoeg as gevolg van oortredings, tot die saad sou kom aan wie die belofte gemaak is *in die wet wat aan Moses gegee is, wat* deur *die hand van* engele geordineer is om 'n middelaar *te wees van hierdie eerste verbond (die wet).*

20 Nou *was hierdie* middelaar nie 'n middelaar van *die nuwe verbond* nie; *maar daar is één middelaar van die nuwe verbond, wat Christus is, soos dit geskryf is in die wet betreffende die beloftes wat aan Abraham en sy saad gemaak is. Nou, Christus is die Middelaar van die lewe; want dit is die belofte wat God aan Abraham gemaak het.*

**JSV, Efésiërs 4:26.** Vergelyk Efésiërs 4:26

Onregverdige toorn is sonde.

26 *Kan jy* toornig *wees* en *nie sondig nie?* Laat nie die son ondergaan op jou toorn nie.

**JSV, Kolossense 2:21–22.** Vergelyk Kolossense 2:20–23

Die gebooie van die mens mag waarde hê in die onderrig van dinge soos selfdissipline, maar hulle eer nóg God nóg red die mens.

21 *Wat ooreenkomstig die leerstellings en gebooie van die mens is, wat jou leer om* nie aan te raak nie, nie te proe nie, nie te hanteer nie; *al daardie dinge* wat sal vergaan met gebruik?

22 Welke dinge inderdaad 'n vertoon van wysheid het in eiesinnige aanbidding, en nederigheid, en die verwaarlosing van die liggaam *om die vlees te bevredig,* nie in enige eer tot *God* nie.

**JSV, 1 Thessalonicense 4:15.** Vergelyk 1 Thessalonicense 4:15

Daardie regverdige mense wat lewend

is tydens die koms van die Here sal geen voordeel hê bó die regverdige dode nie.

15 Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat *hulle wat* lewend is tydens die koms van die Here, sal nie voordeel hê bó hulle *wat oorbly tot die koms van die Here nie, wat* slaap.

**JST, 2 Thessalonicense 2:2–3, 7–9.** Vergelyk 2 Thessalonicense 2:2–9

Satan sal die afval of wegvalling veroorsaak voor die Here terugkeer.

2 Dat julle nie spoedig verstandelik geskud word nie, of *deur 'n brief* verontrus word nie, *tensy julle dit van ons ontvang;* nóg deur gees, nóg deur woord, asof die dag van Christus op hande is.

3 Laat niemand julle op enige wyse bedrieg nie; want daar *sal* eers 'n afval kom, en daardie man van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf;

7 Want die verborgenheid van ongeregtigheid is alreeds aan die werk, *en dit is hý wat nou werk, en Christus laat hom toe om te werk,* totdat *die tyd vervul is dat* hy uit die weg geneem *sal* word.

8 En dan sal daardie bose *een* geopenbaar word, vir wie die Here sal verteer met die gees van sy mond, en sal met die helderheid van sy koms vernietig.

9 *Ja, die Here, naamlik Jesus Christus,* wie se koms *nie is tot ná daar 'n afval gekom het nie,* deur die werking van Satan met alle mag, en tekens en leuenagtige wonders,

**JSV, 1 Timótheüs 2:4.** Vergelyk 1 Timótheüs 2:4

Christus is die Eniggebore Seun en Middelaar.

4 Wat *gewillig* is om alle mense te red en om te kom na die kennis van die waarheid *wat in Christus Jesus is, wat die Eniggebore Seun van God is en geordineer is om 'n middelaar tussen God en die mens te wees; wat een God is en mag het oor alle mense.*

**JSV, 1 Timótheüs 3:15–16.** Vergelyk 1 Timótheüs 3:15–16

Die Kerk is gebaseer op die sentrale beginsel dat Jesus sterflik geword het, die evangelie onderrig het, en teruggekeer het na sy Vader. Nota: Die subtiele verandering in die volgende verse beklemtoon dat die "pilaar en grondslag van die waarheid" Jesus Christus is.

15 Maar as Ek lank vertoef, sodat julle mag weet hoe julle jul behoort te gedra in die huis van God, wat die kerk is van die lewende God.

16 Die pilaar en grondslag van die waarheid *is* (en sonder omstredenheid, groot is die verborgenheid van goddelikheid,) God is geopenbaar in die vlees, geregverdig deur die Gees, gesien deur engele, gepredik aan die nie-Jode, geglo in die wêreld, ontvang in heerlikheid.

**JSV, 1 Timótheüs 6:15–16.** Vergelyk 1 Timótheüs 6:15–16

Diegene wat die lig van onsterflikheid (die evangelie) het wat in hulle woon, kan Jesus sien.

15 Wat in sy tye sal Hy toon wie die geseënde en enigste Heerser sal wees, die Koning van Konings, en Here van here, *aan wie eer en ewigdurende mag toekom;*

16 *Wat geen mens gesien het, nóg kan sien, tot wie geen mens kan nader nie, slegs hy wat die lig en die hoop van onsterflikheid het wat in hom woon.*

**JSV, Hebreërs 1:6–7.** Vergelyk Hebreërs 1:6–7

Engele is dienende geeste.

6 En verder, toe Hy die eersgeborene die wêreld ingebring het, het Hy gesê, En laat al die engele van God Hóm aanbid *wat sy dienaars soos 'n vuurvlam maak.*

7 En van die engele het Hy gesê, *Engele is dienende geeste.*

**JSV, Hebreërs 4:3.** Vergelyk Hebreërs 4:3

Diegene wat hulle harte verhard, sal nie gered word nie; diegene wat bekeer sal die Here se rus binnegaan.

3 Want ons wat geglo het gaan die rus binne soos Hy gesê het, Soos Ek gesweer het in my toorn. Indien hulle *hul harte verhard,* sal hulle *nie* my rus binnegaan nie; *ook, Ek het gesweer, Indien hulle nie hulle harte sal verhard nie, sal hulle my rus binnegaan;* alhoewel die werke van God *voorberei was, (of voltooi was,)* vanaf die grondlegging van die wêreld.

**JSV, Hebreërs 6:1–10.** Vergelyk Hebreërs 6:1–10

Die beginsels van Christus se leerstelling lei na volmaaktheid.

1 Daarom, *sonder om* die beginsels van die leer van Christus agter te laat, laat ons aangaan tot volmaaktheid; en laat ons nie opnuut die fondasie van bekering van dooie werke lê nie, en van geloof in God.

2 Van die leerstellings van dope, van die oplegging van hande, en van die opstanding van die dode, en van die ewige oordeel.

3 En *ons sal aangaan tot volmaaktheid* indien God dit toelaat.

4 Want *Hy het dit* onmoontlik *gemaak* vir diegene wat eens verlig was, en gesmaak het van die hemelse gawe, en deelgenote gemaak is van die Heilige Gees,

5 En het die goeie woord van God gesmaak, en die magte van die wêreld wat kom,

6 Indien hulle sal wegval, om weer *hernu te word* tot bekering; in soverre hulle die Seun van God opnuut tot hulself gekruisig het en Hom openlik beskaam het.

7 Want *die dag kom waarin* die aarde wat die reën indrink wat dikwels daarop val, en kruie voortbring wat nuttig is vir hulle *wat daarop woon,* deur wie dit versorg word, *wat nou* seëninge van God ontvang, *sal deur vuur gereining word.*

8 *Want* dit wat dorings en distels dra word verwerp, en is na aan vervloeking; *daarom, hulle wat nie goeie vrugte voortbring nie, sal in die vuur gewerp word; want hulle* einde is om verbrand te word.

9 Maar geliefdes, ons is oortuig *van* beter dinge aangaande julle,

en dinge wat met heil gepaardgaan, al spreek ons so.

10 Want God is nie onregverdig nie, *daarom sal Hy nie* julle werk en arbeid van liefde vergeet nie, wat julle getoon het jeens sy Naam nie, omdat julle die heiliges gedien het, en steeds dien.

**JSV, Hebreërs 7:3.** Vergelyk Hebreërs 7:3

Melgisédek was ʹn priester volgens die orde van die Seun van God. Al diegene wat hierdie priesterskap ontvang, kan soos die Seun van God word.

3 *Want hierdie Melgisédek is as priester geordineer volgens die orde van die Seun van God, welke orde* sonder vader en moeder was, sonder oorerwing, en het nie ʹn begin van dae nóg die einde van die lewe. *En al diegene wat tot hierdie priesterskap geordineer word,* word soos die Seun van God, *en bly* altyd ʹn priester.

**JSV, Hebreërs 7:19–21.** Vergelyk Hebreërs 7:19–21

Die wet het die mense voorberei vir Jesus wat "die sekerheid is van ʹn beter testament."

19 Want die wet *is uitgevoer sonder ʹn eed en* het niks volmaak gemaak nie, maar *het slegs* ʹn beter hoop ingebring; waardeur ons nader kom aan God.

20 In soverre *hierdie hoëpriester* nie sonder ʹn eed *was* nie, *deur soveel is Jesus die sekerheid gemaak van ʹn beter testament.*

21 (Want daardie priesters is gemaak sonder ʹn eed; maar hierdie met ʹn eed deur hom wat aan hom gesê het, Die Here het gesweer en sal nie bekeer nie, U is ʹn priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek;)

**JSV, Hebreërs 7:25–26.** Vergelyk Hebreërs 7:26–27

Jesus offer homself as ʹn sondelose offerande vir ons sondes.

25 Want so ʹn hoëpriester was geskik vir ons, wat heilig is, onskadelik, onbesmet, afgesonder van sondaars en *heerser oor* die hemele gemaak is;

26 *En nie* soos daardie hoëpriesters *wat daagliks* ʹn offerande geoffer het nie, eerstens vir *hul* eie sondes en dan vir die *sondes van die volk; want Hy het nie nodig om ʹn offerande te offer vir sy eie sondes nie, want Hy het geen sondes geken nie; maar vir die sondes van die volk. En* dit het Hy éénkeer gedoen, toe Hy homself geoffer het.

**JSV, Hebreërs 11:1.** Vergelyk Hebreërs 11:1

Geloof is die versekering van dinge waarop gehoop word.

1 Nou, geloof is die *versekering* van dinge waarop gehoop word; die bewys van dinge wat nie gesien word nie.

**JSV, Hebreërs 11:35.** Vergelyk Hebreërs 11:35

Die getroues wat vir Christus gemartel word, verkry die Eerste Opstanding.

35 Vroue het hulle dode aanvaar wat tot die lewe opgewek is; en andere is gemartel, en nie bevryding wou aanvaar nie; sodat hulle *die eerste* opstanding mag ontvang;

**JSV, Jakobus 1:2.** Vergelyk Jakobus 1:2

Verdrukkings, nie versoekings nie, help om ons te heilig.

2 My broers, reken dit alles as vreugde wanneer julle in *baie verdrukkings* val;

**JSV, Jakobus 2:1.** Vergelyk Jakobus 2:1

Lede behoort nie een persoon hoër te ag as ′n ander nie.

1 My broers, *julle kan nie* die geloof hê in ons Here Jesus Christus, die Here van heerlikheid, *en tog* die persoon aansien nie.

**JSV, Jakobus 2:14–21.** Vergelyk Jakobus 2:14–22

Geloof sonder werke is dood en kan nie red nie.

14 Wat baat *dit*, my broers, *vir* ′n mens om *te* sê hy het geloof, en hy het nie werke nie? kan geloof hom red?

15 Ja, ′n mens mag sê, *Ek sal jou toon ek het geloof sonder werke; maar ek sê,* Toon my jou geloof sonder werke, en sal jou my geloof toon deur my werke.

16 *Want* as ′n broer of suster naak is en haweloos, en een van julle sê, Vertrek in vrede, wees warm en gevul; nieteenstaande *hy* nie daardie dinge gee wat noodsaaklik is vir die liggaam nie; van watter nut *is jou geloof vir diesulkes?*

17 Net so geloof, as dit nie werke *het* nie is dood, en is alleen.

18 *Daarom* wil jy weet, o ydele mens, dat geloof sonder werke dood is *en jou nie kan red nie?*

19 Jy glo dat daar een God is; jy doen goed; die duiwels glo ook, en sidder; *jy het jouself soos hulle gemaak, en is nie geregverdig nie.*

20 Is Abraham ons vader nie geregverdig deur werke toe hy sy seun Isak op die altaar geoffer het nie?

21 Sien jy hoe *werke* saamgewerk het met sy *geloof,* en deur werke is geloof volmaak gemaak?

**JSV, 1 Petrus 3:20.** Vergelyk 1 Petrus 3:20

Sommige van die geeste in die gevangenis was onregverdig in die dae van Noag.

20 *Sommige van wie* ongehoorsaam was *in die dae van Noag, terwyl* die lankmoedigheid van God gewag het, terwyl die ark in voorbereiding was, waarin ′n paar, dit is, agt siele gered is deur water.

**JSV, 1 Petrus 4:6.** Vergelyk 1 Petrus 4:6

Die evangelie word gepredik aan diegene wat dood is.

6 *As gevolg hiervan* word die evangelie gepredik aan hulle *wat* dood is, sodat hulle volgens die mens in die vlees geoordeel mag word, maar *in die gees* lewe ooreenkomstig *die wil van* God.

**JSV, 1 Petrus 4:8.** Vergelyk 1 Petrus 4:8

Naasteliefde verhoed ons om te sondig.

8 En bo alles moet julle vurige naasteliefde hê onder julself; want naasteliefde *verhoed* ′n menigte sondes.

**JSV, 2 Petrus 3:3–13.** Vergelyk 2 Petrus 3:3–13

In die laaste dae sal baie mense die Here Jesus Christus verloën. Wanneer Hy kom, sal baie natuurrampe plaasvind. Indien ons volhard in regverdigheid, sal ons ʼn nuwe aarde ontvang.

3 Julle moet dit eerste weet, dat *in die laaste dae* sal daar spotters kom, wandelend volgens hulle eie begeertes.

4 *Wat die Here Jesus Christus verloën,* en sê, Waar is die belofte van sy koms? want sedert die vaders ontslaap het, *moet* alle dinge voortduur soos hulle *is, en voortgeduur het soos hulle was* vanaf die begin van die skepping.

5 Want hiervan is hulle vrywilliglik onkundig, dat *van ouds* die hemele, en die aarde staande *in die water* en uit die water, *geskape is deur die woord van God;*

6 *En deur die woord van God,* die wêreld wat toe was, en oorstroom is met water het vergaan;

7 Maar die hemele, en die aarde wat nou is, word bewaar *deur dieselfde woord,* gereserveer vir vuur vir die dag van oordeel en verderf van goddelose mense.

8 Maar *aangaande die koms van die Here,* geliefdes, *ek wil julle nie* onkundig laat oor hierdie een ding nie, dat een dag by die Here is soos ʼn duisend jaar, en ʼn duisend jaar is soos een dag.

9 Die Here is nie nalatig betreffende sy belofte *en koms,* soos sommige mense nalatigheid beskou nie; maar lankmoedig *teenoor ons,* nie bereidwillig dat enige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering sal kom.

10 Maar die dag van die Here sal kom soos ʼn dief in die nag, waarin die hemele sal *skud, en die aarde ook sal bewe, en die berge sal smelt, en* verbygaan met ʼn groot gedruis, en die elemente sal *gevul wees* met vurige hitte; die aarde ook *sal gevul word* en die *verderflike* werke *wat* daarin is, sal verbrand word.

11 *Indien* al hierdie dinge dan *vernietig* sal word, watter soort mense behoort julle te wees in heilige *wandel* en goddelikheid,

12 En uitsien na, en *voorberei vir die dag van* die koms van die *Here waarin die verderflike dinge van die* hemele wat aan die brand is sal vergaan, en die *berge* sal smelt met vurige hitte?

13 Nietemin, *as ons sal verduur, sal* ons *bewaar word* volgens sy belofte. *En ons* soek na *ʼn* nuwe hemel, en ʼn nuwe aarde waarin geregtigheid woon.

**JSV, 1 Johannes 2:1.** Vergelyk 1 Johannes 2:1

Christus is ons Voorspraak by die Vader indien ons bekeer.

1 My klein kindertjies, hierdie dinge skryf ek aan julle, sodat julle nie sondig nie. *Maar* indien enigeen sondig *en bekeer,* het ons ʼn Voorspraak by die Vader, Jesus Christus die Regverdige;

**JSV, 1 Johannes 3:9.** Vergelyk 1 Johannes 3:9

Wie ook al gebore is uit God, volhard nie in die sonde nie.

9 Wie ook al gebore is uit God *volhard* nie in die sonde nie; want *die Gees van God* vertoef in hom; en hy kan nie *volhard in* die sonde nie, omdat hy uit God gebore is, *omdat hy daardie Heilige Gees van die belofte ontvang het.*

**JSV, 1 Johannes 4:12.** Vergelyk 1 Johannes 4:12

Slegs mense wat in God glo kan Hom sien.

12 Niemand het God op enige tydstip gesien nie, *behalwe hulle wat glo.* Indien ons mekaar liefhet, woon God in ons, en sy liefde word in ons vervolmaak.

**JSV, Openbaring 1:1–8.** Vergelyk Openbaring 1:1–8

Johannes die Apostel ontvang die profesieë in die boek van Openbaring. Hy word besoek deur Jesus Christus en deur 'n engel.

1 Die Openbaring van *Johannes, 'n dienskneg van God,* wat aan hom *gegee is deur Jesus Christus* om aan sy diensknegte dinge te toon wat binnekort sal plaasvind, *wat* Hy gestuur en aangedui het deur sy engel aan sy dienskneg Johannes.

2 Wat getuienis *gelewer het* van die woord van God en van die getuienis van Jesus Christus en van alle dinge wat hy gesien het.

3 Geseënd *is hulle* wat lees en hulle wat die woorde van hierdie profesie hoor *en verstaan* en daardie dinge onderhou wat daarin geskryf is, want die tyd *van die koms van die Here kom nader.*

4 *Nou, dit is die getuienis van* Johannes aan *die sewe diensknegte wat oor* die sewe kerke in Asië is. Genade vir julle en vrede van Hom *wat* is, en *wat* was en *wat* sal kom; *wat sy engel uitgestuur het* van voor sy troon *om te getuig aan diegene wat die sewe diensknegte oor die sewe kerke is.*

5 *Daarom, lewer ek, Johannes,* die getroue getuie, *getuienis van die dinge wat aan my gegee is deur die engel,* en van Jesus Christus die eersgeborene van die dode, en die *Prins* van die konings van die aarde.

6 *En* aan Hom wat ons liefgehad het, *kom die eer toe; wat* ons gewas het van ons sondes in sy eie bloed, en ons konings en priesters vir God gemaak het, sy Vader. Aan Hom die heerlikheid en heerskappy, vir ewig en ewig. Amen.

7 *Want* kyk, Hy kom *in die* wolke *met tienduisende van sy heiliges in die koninkryk, beklee met die heerlikheid van sy Vader.* En elke oog sal Hom sien; en hulle wat Hom deursteek het, en al die stamme van die aarde sal weeklaag vanweë Hom. Dit is so. Amen.

8 *Want Hy het gesê,* Ek is Alfa en Omega, die begin en die einde, die Here, *wat* is, en *wat* was, *en* wat sal kom, die Almagtige.

**JSV, Openbaring 2:22.** Vergelyk Openbaring 2:22

Die bose word in die hel gewerp.

22 Kyk, Ek sal haar in die *hel* werp en hulle wat egbreuk pleeg saam met haar in groot beproewing, tensy hulle bekeer van hul dade.

**JSV, Openbaring 2:26–27.**
Vergelyk Openbaring 2:26–27

Diegene wat die wêreld oorwin deur gehoorsaamheid aan Christus se gebooie sal koninkryke regeer in die toekomstige wêreld met geloof, billikheid en geregtigheid.

26 En *aan hom wat* oorwin, en my *gebooie* onderhou tot die einde, sal Ek mag gee oor *baie koninkryke;*

27 En hy sal hulle regeer met *die woord van God;* en *hulle sal in sy hande wees* soos die potte *van klei in die hande* van ′n pottebakker; *en hy sal hulle regeer deur geloof, billikheid en geregtigheid,* net soos Ek van my Vader ontvang het.

**JSV, Openbaring 5:6.**
Vergelyk Openbaring 5:6

Twaalf diensknegte van God word na die hele aarde uitgestuur.

6 En ek het aanskou en kyk, in die midde van die troon en van die vier diere, en in die midde van die ouderlinge, het ′n Lam gestaan soos dit geslag was, met *twaalf* horings en *twaalf* oë, wat die *twaalf diensknegte* van God is, uitgestuur na die hele aarde.

**JSV, Openbaring 12:1–17.**
Vergelyk Openbaring 12:1–17

Johannes verduidelik die simbole van die vrou, die kind, die staaf van yster, die draak, en Mígael. Die oorlog wat in die hemel begin het word op aarde voortgesit. Let op die verandering in die volgorde van verse in die JSV.

1 En daar het ′n groot *teken* in die hemel verskyn, *na die gelykenis van dinge op die aarde;* ′n vrou geklee met die son, en die maan onder haar voete, en op haar hoof ′n kroon van twaalf sterre.

2 En *die vrou,* wat swanger was, het uitgeroep, want sy het gely in haar barensnood, in pyn terwyl sy probeer het om geboorte te skenk.

3 *En sy het ′n manlike kind voortgebring, wat alle nasies sou regeer met ′n staaf van yster; en haar kind is opgeneem na God en sy troon.*

4 En daar het ′n ander *teken* in die hemel verskyn; en kyk, ′n groot rooi draak, met sewe koppe en tien horings en sewe krone op sy kop. En sy stert het ′n derde deel van die sterre van die hemel weggetrek en hulle na die aarde gewerp. En die draak het voor die vrou gestaan wat gebaar het, *gereed* om haar kind te verslind *nadat* dit gebore is.

5 En die vrou het die wildernis in gevlug waar sy ′n plek gehad het, berei deur God, sodat hulle haar daar ′n duisend tweehonderd en sestig *jaar* moes voer.

6 En daar was ′n oorlog in die hemel; Mígael en sy engele het teen die draak geveg; en die draak en sy engele *het teen Mígael geveg;*

7 En *die draak* het nie *teen Mígael* geseëvier nie, *nóg die kind, nóg die vrou wat die kerk van God was, wat verlos is van haar pyne, en die koninkryk van ons God en sy Christus, voortgebring het.*

8 Nog was *daar* plek gevind in die hemel *vir* die groot draak, *wat* uitgewerp is; daardie ou slang genaamd die duiwel, en *ook* Satan *genoem,* wat die hele wêreld

bedrieg; hy is uitgewerp na die aarde; en sy engele is saam met hom uitgewerp.

9 En ek het ʼn luide stem in die hemel gehoor wat sê: Nou het heil gekom, en krag, en die koninkryk van ons God, en die mag van sy Christus;

10 Want die aanklaer van ons broers is neergewerp, wat hulle voor ons God aangekla het dag en nag.

11 *Want* hulle *het* hom *oorwin* deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, *want* hulle het nie hulle eie lewens liefgehad nie, *maar het hulle getuienis bewaar en wel* tot die dood. Daarom, verheug julle o hemele, en julle wat in hulle woon.

12 *En na al hierdie dinge het ek ʼn ander stem gehoor wat sê,* Wee die inwoners van die aarde, *ja,* en *hulle wat woon op die eilande* van die see! Want die duiwel het neergedaal na julle, met groot toorn, omdat hy weet dat hy slegs ʼn kort tydjie het.

13 *Want* toe die draak sien dat hy uitgewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die manlike kind voortgebring het.

14 *Daarom,* aan die vrou is twee vlerke gegee van ʼn groot arend, sodat sy mag *vlug* na die wildernis, na haar plek, waar sy vir ʼn tydperk gevoed word, en tye, en ʼn halwe tyd, van die visioen van die slang.

15 En die slang werp uit sy bek water soos ʼn vloed agter die vrou aan. Sodat hy haar in die vloed mag wegvoer.

16 En die aarde *help* die vrou, en die aarde *open* haar mond en *sluk* die vloed op wat die draak by sy bek *uitwerp.*

17 *Daarom* was die draak vertoornd op die vrou en het gegaan om oorlog te maak met die oorblyfsel van haar nakomelinge wat die gebooie van God onderhou en die getuienis van Jesus Christus het.

**JSV, Openbaring 19:15, 21.**

Vergelyk Openbaring 19:15, 21

God gebruik die woord van Christus om die nasies te tref.

15 En uit sy mond *gaan die woord van God uit, en* daarmee *sal* Hy die nasies slaan; en Hy *sal* hulle regeer met *die woord van sy mond;* en Hy trap die wynpers *in* die vurigheid en toorn van Almagtige God.

21 En die oorblyfsel is gedood deur die *woord* van Hom wat op die perd gesit het, welke *woord* by sy mond uitgaan; en al die voëls is versadig met hulle vlees.


# BYBELKAARTE

Die volgende kaarte kan u help om die skrifture beter te verstaan. Deur die aardrykskunde van die lande wat in die skrifture bespreek word te ken, kan u die skriftuurlike gebeure beter verstaan.

## Oorsig en Sleutel

Die buitelyne op die onderstaande kaart dui die fokus van elkeen van die genommerde kaarte aan wat volg. Hierdie kaarte bestaan uit groot streke sowel as eng-gefokusde geografiese areas.


1. Fisiese Kaart van die Heilige Land
2. Israel se Uittog vanuit Egipte en Intog in Kanaän
3. Die Verdeling van die 12 Stamme
4. Die Koninkryk van Dawid en Salomo
5. Die Assiriese Ryk
6. Die Nuwe Babiloniese Ryk en die Koninkryk van Egipte
7. Die Persiese Ryk
8. Die Romeinse Ryk
9. Die Wêreld van die Ou Testament
10. Kanaän in Ou Testamentiese Tye
11. Die Heilige Land in Nuwe Testamentiese Tye
12. Jerusalem in Jesus se Tyd
13. Die Sendingreise van die Apostel Paulus
14. Hoogtekaart van die Heilige Land



Hier volg 'n sleutel om die verskillende simbole en druktipes wat op die kaarte gebruik word te verstaan. Verder mag individuele kaarte sleutels met verduidelikings bevat van bykomende simbole wat betrekking het op daardie betrokke kaart.

| | |
|---|---|
| ● | 'n Rooi kol verteenwoordig 'n stad of 'n dorp. |
| ▲ | 'n Klein swart driehoek verteenwoordig 'n berg. |
| *Dooie See* | Hierdie lettertipe word gebruik vir geografiese plekke soos seë, riviere, berge, woestyne en eilande. |
| Jerusalem | Hierdie lettertipe word gebruik vir stede en dorpe (en vir die presiese plek op die stadskaart van Jerusalem). |
| MOAB | Hierdie lettertipe word gebruik vir kleiner politieke verdelings soos streke, volke en stamme. |
| JUDÉA | Hierdie lettertipe word gebruik vir groter politieke verdelings soos koninkryke en nasies. |

## 1. Fisiese Kaart van die Heilige Land



## 2. Israel se Uittog vanuit Egipte en Intog in Kanaän




1. **Raämses** Israel is uit Egipte gewerp (Ex. 12; Núm. 33:5).
2. **Sukkot** Nadat die kinders van Israel hierdie eerste laer verlaat het, het die Here hulle bedags bygestaan in 'n wolkkolom en snags in 'n vuurkolom (Ex. 13:20–22).
3. **Pi-Hágirot** Israel het deur die Rooi See getrek (Ex. 14; Núm. 33:8).
4. **Mara** Die Here het die waters van Mara genees (Ex. 15:23–26).
5. **Elim** Israel het by 12 fonteine laer opgeslaan (Ex. 15:27).
6. **Sinwoestyn** Die Here het manna en kwartels gestuur om Israel te voed (Ex. 16).
7. **Ráfidim** Israel het teen Ámalek geveg (Ex. 17:8–16).
8. **Berg Sinai (Berg Horeb of Jebel Musa)** Die Here het die Tien Gebooie geopenbaar (Ex. 19–20).
9. **Sinaiwoestyn** Israel het die tabernakel vervaardig (Ex. 25–30).
10. **Wildernislaers** Sewentig ouderlinge is geroep om Moses te help om die volk te regeer (Núm. 11:16–17).
11. **Éseon-Geber** Israel het in vrede deur die lande van Esau en Ammon getrek (Deut. 2).
12. **Kades-Barnéa** Moses het spioene na die beloofde land gestuur; Israel het gerebelleer en nie die beloofde land binnegegaan nie; Kades het gedien as die hooflaer van Israel vir baie jare (Núm. 13:1–3, 17–33; 14; 32:8; Deut. 2:14).
13. **Oostelike Wildernis** Israel het konflik met Edom en Moab vermy (Núm. 20:14–21; 22–24).
14. **Arnon-rivier** Israel het die Amoriete wat teen hulle geveg het, vernietig (Deut. 2:24–37).
15. **Berg Nebo** Moses het die beloofde land aanskou (Deut. 34:1–4). Moses het sy laaste drie preke gelewer (Deut. 1–32).
16. **Vlaktes van Moab** Die Here het vir Israel aangesê om die land te verdeel en die inwoners te verdryf (Núm. 33:50–56).
17. **Jordaanrivier** Israel het die Jordaanrivier op droë grond oorgesteek. Naby Gilgal was stene van die bodem van die Jordaanrivier as 'n monument vir die skeiding van die Jordaan se waters geplaas (Jos. 3:1–5:1).
18. **Jérigo** Die kinders van Israel het die stad verower en vernietig (Jos. 6).


## 3. Die Verdeling van die 12 Stamme




## 4. Die Koninkryk van Dawid en Salomo




## 5. Die Assiriese Ryk





## 6. Die Nuwe Babiloniese Ryk en die Koninkryk van Egipte



## 7. Die Persiese Ryk




## 8. Die Romeinse Ryk



## 9. Die Wêreld van die Ou Testament



1. **Berg Árarat** Die plek waar Noag se ark volgens oorlewering geland het (Gén. 8:4). Die presiese plek is nie bekend nie.

2. **Ur** Eerste woonplek van Abraham, naby die mond van die Eufraat, waar hy amper die slagoffer van menslike offerande was, het die engel van Jehova gesien, en die Urim en Tummim ontvang (Gén. 11:28–12:1; Abr. 1; 3:1). (Let op ook 'n moontlike alternatiewe ligging van Ur in noordelike Mesopotamië).

3. **Babilon, Babel (Sínear)** Eerste gevestig deur Kus, die seun van Gam, en deur Nimrod. Area van oorsprong van Jerediete in die tyd van die Toring van Babel in die vlakte van Sínear. Later die provinsiale hoofstad van Babilonië en tuiste van Babiloniese konings, insluitend Nebukadnésar wat baie Jode in slawerny weggevoer het na sy stad na die vernietiging van Jerusalem (587 v.C.). Die Jode het vir 70 jaar in slawerny gebly in Babilon tot die tyd van Koning Kores, wat toegelaat het dat die Jode terugkeer na Jerusalem om die tempel te herbou. Daniël die profeet het ook hier gewoon onder Nebukadnésar, Bélsasar, en Daríus I (Gén. 10:10; 11:1–9; 2 Kon. 24–25; Jer. 27:1–29:10; Eség. 1:1; Dan. 1–12; Omni 1:22; Ether 1:33–43).

4. **Susan (Susa)** Hoofstad van die Persiese Ryk onder die bewind van Daríus I (Darius die Grote), Xerxes (Ahasvéros), en Artasásta. Woonplek van Koningin Ester, wie se moed en geloof die Jode gered het. Daniël en later Nehemía het hier gedien (Neh. 1:1; 2:1; Ester 1:1; Dan. 8:2).

5. **Vlakte van Dura** Sadrag, Mesag en Abednégo word in 'n brandende vuuroond gegooi toe hulle weier om 'n goue beeld wat deur Nebukadnésar geskep is te aanbid; die Seun van God behoed hulle, en hulle verlaat die vuuroond ongedeerd (Dan. 3).

6. **Assirië** Assur was Assirië se eerste hoofstad, gevolg deur Ninevé. Assiriese heersers Salmanéser V en Sargon II neem die Noordelike Koninkryk van Israel in en voer die tien stamme weg in ballingskap in 721 v.C. (2 Kon. 14–15; 17–19). Assirië was 'n bedreiging vir Juda tot 612 v.C., toe Assirië deur Babilon ingeneem was.

7. **Ninevé** Die hoofstad van Assirië. Assirië het die land Juda aangeval gedurende die heerskappy van Hiskía en die bediening van die profeet Jesaja. Jerusalem, die hoofstad van Juda was wonderbaarlik gespaar toe 'n engel 185,000 Assiriese soldate verslaan het (2 Kon. 19:32–37). Die Here het vir die profeet Jona aangesê om hierdie stad tot bekering te roep (Jona 1:2; 3:1–4).

8. **Haran** Abraham het hom vir 'n tydperk hier gevestig voor hy na Kanaän gegaan het. Abraham se vader en broer het hier agtergebly. Rebekka (Isak se vrou), en Ragel, Lea, Bilha en Silpa (Jakob se vrouens), het van hierdie area gekom (Gén. 11:31–32; 24:10; 29:4–6; Abr. 2:4–5).

9. **Kárkemis** Farao Nego is hier deur Nebukadnésar verslaan, wat die Egiptiese mag in Kanaän beeïndig het (2 Kron. 35:20–36:6).

10. **Sidon** Hierdie stad is gestig deur Sidon, kleinseun van Gam, en is die noordelikste Kanaänitiese stad (Gén. 10:15–20). Dit was die woonplek van Jesebel wat die aanbidding van Baäl aan die Israeliete bekendgestel het (1 Kon. 16:30–33).

11. **Tirus** Hierdie was 'n belangrike kommersiële en hawestad in Aram. Hiram van Tirus het sederhout en goud gestuur om Salomo te help met die bou van sy tempel (1 Kon. 5:1–10, 18; 9:11).

12. **Damaskus** Abraham het Lot hier naby gered. Dit was die hoofstad van Aram. Gedurende Koning Dawid se heerskappy het die Israeliete die stad ingeneem. Elía het Hásael gesalf tot koning van Damaskus (Gén. 14:14–15; 2 Sam. 8:5–6; 1 Kon. 19:15).

13. **Kanaän** Abraham, Isak, Jakob en hulle afstammelinge is hierdie land gegee as 'n ewigdurende besitting (Gén. 17:8; 28).

14. **Berg Sinai (Horeb)** Die Here het met Moses gespreek vanuit 'n brandende doringbos (Ex. 3:1–2). Moses ontvang die Wet en Tien Gebooie (Ex. 19–20). Die Here het met Elía in 'n stil, klein stemmetjie gesspreek (1 Kon. 19:8–12).

15. **Éseon-Geber** Koning Salomo het 'n "vloot van skepe" gebou in Éseon-Geber (1 Kon. 9:26). Die koningin van Skeba het moontlik by hierdie hawe geland nadat sy van Salomo se faam gehoor het (1 Kon. 10:1–13).

16. **Egipte** Abraham het hierheen gereis as gevolg van 'n groot hongersnood in Ur (Abr. 2:1, 21). Die Here het Abraham aangesê om die Egiptenare te leer wat Hy aan hom geopenbaar het (Abr. 3:15). Nadat Josef se broers hom in slawerny verkoop het (Gén. 37:28), het Josef hier 'n heerser geword in Pótifar se huis. Hy was in die gevangenis gewerp. Hy het Farao se droom geïnterpreteer en is 'n gesagsposisie in Egipte gegee. Josef en sy broers is verenig. Jakob en sy familie het hierheen getrek (Gén. 39–46). Die kinders van Israel het in Gosen gebly tydens hulle vertoef in Egipte (Gén. 47:6).

**Die** Israeliete het vermenigvuldig en buitengewoon magtig geword; hulle word in slawerny geplaas deur die Egiptenare (Ex. 1:7–14). Na 'n reeks plae het Farao Israel toegelaat om Egipte te verlaat (Ex. 12:31–41). Jeremia is na Egipte geneem (Jer. 43:4–7).

17. **Kaftor (Kreta)** Die antieke land van die Minoërs.

## 10. Kanaän in Ou Testamentiese Tye



1. **Dan (Lais)** Jeróbeam het 'n goue kalf opgerig vir die Noordelike Koninkryk om te aanbid (1 Kon. 12:26–33). Dan was die noordelikste punt van antieke Israel.

2. **Berg Karmel** Elía het die profete van Baäl uitgedaag en die hemele vir reën geopen (1 Kon. 18:17–46).

3. **Megíddo** 'n plek van baie veldslae (Rigt. 4:13–16; 5:19; 2 Kon. 23:29; 2 Kron. 35:20–23). Salomo het dwangarbeiders gebruik om Megíddo te herbou (1 Kon. 9:15). Koning Josía van Juda is noodlottig gewond in 'n veldslag teen Farao Nego van Egipte (2 Kon. 23:29–30). Met die Tweede Koms van die Here, sal 'n groot en finale stryd plaasvind in die Jísreël-vallei as deel van die slag van Armagéddon (Joël 3:14; Openb. 16:16; 19:11–21). Die naam *Armagéddon* is 'n Griekse transliterasie van die Hebreeuse *Har Megíddon,* of Berg van Megíddo.

4. **Jísreël** Die naam van 'n stad in die grootste en mees vrugbare vallei van Israel met dieselfde naam. Die konings van die Noordelike Koninkryk het hier 'n paleis gebou (2 Sam. 2:8–9; 1 Kon. 21:1–2). Bose Koningin Isébel het hier gewoon en gesterf (1 Kon. 21; 2 Kon. 9:30).

5. **Bet-San** Israel het hier teen die Kanaäniete te staan gekom (Jos. 17:12–16). Saul se liggaam is teen die muur van hierdie vesting vasgeslaan (1 Sam. 31:10–13).

6. **Dotan** Josef is deur sy broers in slawerny verkoop (Gén. 37:17, 28; 45:4). Elísa het 'n visioen van die berg vol perde en strydwaens gehad (2 Kon. 6:12–17).

7. **Samaría** Die hoofstad van die Noordelike Koninkryk (1 Kon. 16:24–29). Koning Agab rig 'n altaar op vir Baäl (1 Kon. 16:32–33). Elía en Elísa gedien (1 Kon. 18:2; 2 Kon. 6:19–20). In 721 v.C. het die Assiriërs dit verower, en die gevange geneem van die tien stamme voltooi (2 Kon. 18:9–10).

8. **Sigem** Abraham het 'n altaar gebou (Gén. 12:6–7). Jakob het hier naby gewoon. Símeon en Levi het al die mans in die stad gedood (Gén. 34:25). Josua se aanmoediging om "kies . . . hierdie dag" om God te dien kom in Sigem (Jos. 24:15). Jeróbeam het die eerste hoofstad van die Noordelike Koninkryk hier gevestig (1 Kon. 12).

9. **Berg Ebal en Berg Gerísim** Josua het Israel in twee verdeel op hierdie twee berge—die seëninge van die wet is op berg Gerísim verkondig, terwyl die vervloekings vanaf berg Ebal gedoen is (Jos. 8:33). Die Samaritane het later 'n tempel op Gerísim gebou (2 Kon. 17:32–33).

10. **Pniël (Pnuel)** Hier het Jakob die hele nag met 'n boodskapper van die Here geworstel (Gén. 32:24–32). Gídeon het 'n Midianitiese vesting vernietig (Rigt. 8:5, 8–9).

11. **Joppe** Jona het van hier na Tarsis gevaar om sy sending na Ninevé te vermy (Jona 1:1–3).

12. **Silo** Gedurende die tyd van die Rigters was Israel se hoofstad en die tabernakel hier geleë (1 Sam. 4:3–4).

13. **Bet-el (Lus)** Hier het Abraham van Lot geskei (Gén. 13:1–11) en het 'n visioen gehad (Gén. 13; Abr. 2:19–20). Jakob het 'n visioen van 'n leer wat tot aan die hemel reik, gehad (Gén. 28:10–22). Die tabernakel was vir 'n tyd hier geleë (Rigt. 20:26–28). Jeróbeam het 'n goue kalf vir die Noordelike Koninkryk opgerig om te aanbid (1 Kon. 12:26–33).

14. **Gíbeon** Hewiete van hier het Josua bedrieg om 'n verbond te sluit (Jos. 9). Die son staan stil terwyl Josua die stryd wen (Jos. 10:2–13). Dit was ook 'n tydelike terrein van die tabernakel (1 Kron. 16:39).

15. **Gasa, Asdod, Áskelon, Ekron, Gat (die vyf stede van die Filistyne)** Vanuit hierdie stede het die Filistyne gereeld oorlog gevoer teen Israel.

16. **Betlehem** Ragel is hier naby begrawe (Gén. 35:19). Rut en Boas het hier gewoon (Rut 1:1–2; 2:1, 4). Dit is die stad van Dawid genoem (Lk. 2:4).

17. **Hebron** Abraham (Gén. 13:18), Isak, Jakob (Gén. 35:27), Dawid (2 Sam. 2:1–4), en Absalom (2 Sam. 15:10) het hier gewoon. Dit was die eerste hoofstad van Juda onder Koning Dawid (2 Sam. 2:11). Daar word geglo dat Abraham, Sara, Isak, Rebekka, Jakob, en Lea hier in die grot van Magpéla begrawe is (Gén. 23:17–20; 49:31, 33).

18. **Éngedi** Dawid kruip weg vir Saul en spaar Saul se lewe (1 Sam. 23:29–24:22).

19. **Gerar** Abraham en Isak het vir 'n tyd hier gewoon (Gén. 20–22; 26).

20. **Berséba** Abraham het hier 'n put gegrawe en 'n verbond gesluit met Abiméleg (Gén. 21:31). Isak sien die Here (Gén. 26:17, 23–24), en Jakob het hier gewoon (Gén. 35:10; 46:1).


21. **Sodom en Gomorra** Lot het gekies om in Sodom te woon (Gén. 13:11–12; 14:12). God het Sodom en Gomorra vernietig as gevolg van boosheid (Gén. 19:24–26). Jesus het later hierdie stede gebruik as simbole van boosheid (Matt. 10:15).

## 11. Die Heilige Land in Nuwe Testamentiese Tye




1. **Tirus en Sidon** Jesus het Górasin en Betsáida met Tirus en Sidon vergelyk (Matt. 11:20–22). Hy het die dogter van 'n nie-Joodse vrou genees (Matt. 15:21–28).
2. **Berg van Transfigurasie** Jesus is getransfigureer voor Petrus, Jakobus en Johannes en hulle het die sleutels van die koninkryk ontvang (Matt. 17:1–13). (Sommige glo die Berg van Transfigurasie is Berg Hermon; andere glo dit is Berg Tabor.)
3. **Cesaréa-Filíppi** Petrus het getuig dat Jesus die Christus is en was die sleutels van die koninkryk beloof (Matt. 16:13–20). Jesus voorspel sy eie dood en Opstanding (Matt. 16:21–28).
4. **Streek van Galiléa** Jesus het die grootste deel van sy lewe en bediening in Galiléa deurgebring (Matt. 4:23–25). Hier het Hy die Bergpredikasie gelewer (Matt. 5–7); 'n melaatse genees (Matt. 8:1–4); en die Twaalf Apostels gekies, geordineer en uitgestuur, van wie slegs Judas Iskáriot oënskynlik nie 'n Galileër was nie (Mark. 3:13–19). In Galiléa het die herrese Christus aan die Apostels verskyn (Matt. 28:16–20).
5. **See van Galiléa, later genoem See van Tibérias** Jesus het die skare vanuit Simon Petrus se skuit geleer (Lk. 5:1–3) en roep Simon Petrus, Andréas, Jakobus en Johannes om vissers van mense te wees (Matt. 4:18–22; Lk. 5:1–11). Hy het ook die storm stilgemaak (Lk. 8:22–25), gelykenisse vanuit 'n skuit geleer (Matt. 13), op die see geloop (Matt. 14:22–32), en aan sy dissipels verskyn na sy Opstanding (Joh. 21).
6. **Betsáida** Petrus, Andréas en Filippus is in Betsáida gebore (Joh. 1:44). Jesus het privaat met die Apostels naby Betsáida gegaan. Die menigtes volg Hom, en Hy voed die 5,000 (Lk. 9:10–17; Joh. 6:1–14). Hier genees Jesus 'n blinde man (Mark. 8:22–26).
7. **Kapérnaüm** Dit was Petrus se tuiste (Matt. 8:5, 14). In Kapérnaüm, wat Matthéüs Jesus se "eie stad" genoem het, het Jesus 'n verlamde man genees (Matt. 9:1–7; Mark. 2:1–12), genees die dienskneg van 'n hoofman, genees Petrus se skoonmoeder (Matt. 8:5–15); roep Matthéüs as een van sy Apostels (Matt. 9:9), open blinde oë, dryf 'n duiwel uit (Matt. 9:27–33), genees 'n man se verdorde hand op die Sabbat (Matt. 12:9–13), gee die brood van die lewe predikasie (Joh. 6:22–65), en stem in om belasting te betaal, en sê vir Petrus om die geld uit 'n vis se mond te haal (Matt. 17:24–27).
8. **Mágdala** Dit was die tuiste van Maria Magdaléna (Mark. 16:9). Jesus het hierheen gekom nadat Hy die 4,000 gevoed het (Matt. 15:32–39), en die Fariseërs en Sadduseërs vra dat Hy hulle 'n teken uit die hemel laat sien (Matt. 16:1–4).
9. **Kana** Jesus verander water in wyn (Joh. 2:1–11) en genees 'n koninklike beampte wie se seun in Kapérnaüm siek was (Joh. 4:46–54). Kana was ook die tuiste van Natánael (Joh. 21:2).
10. **Násaret** Die aankondigings aan Maria en Josef het in Násaret plaasgevind (Matt. 1:18–25; Lk. 1:26–38; 2:4–5). Nadat Hy van Egipte teruggekeer het, het Jesus sy kinderjare en jeug hier deurgebring (Matt. 2:19–23; Lk. 2:51–52), aangekondig dat Hy die Messias is, en is deur sy eie mense verwerp (Lk. 4:14–32).
11. **Jérigo** Jesus genees 'n blinde man (Lk. 18:35–43). Hy eet ook saam met Saggéüs, "hoof van die tollenaars" (Lk. 19:1–10).
12. **Betábara** Johannes die Doper getuig hy is "die stem van een wat roep in die woestyn" (Joh. 1:19–28). Johannes doop Jesus in die Jordaan en getuig dat Jesus die Lam van God is (Joh. 1:28–34).
13. **Woestyn van Judéa** Johannes die Doper preek in die woestyn (Matt. 3:1–4), waar Jesus vir 40 dae gevas het en versoek is (Matt. 4:1–11).
14. **Émmaüs** Die herrese Christus het op die pad na Émmaüs geloop met twee van sy dissipels (Lk. 24:13–32).
15. **Bétfagé** Twee dissipels bring vir Jesus 'n eselin waarop Hy sy triomfantelike intog in Jerusalem begin het (Matt. 21:1–11).
16. **Betánië** Dit was die tuiste van Maria, Martha en Lasarus (Joh. 11:1). Maria hoor Jesus se woorde, en Jesus praat met Martha oor "kies die goeie deel" (Lk. 10:38–42); Jesus wek Lasarus op uit die dood (Joh. 11:1–44); en Maria salf Jesus se voete (Matt. 26:6–13; Joh. 12:1–8).
17. **Betlehem** Jesus is gebore en neergelê in 'n krip (Lk. 2:1–7); engele verkondig die geboorte van Jesus aan die herders (Lk. 2:8–20); wyse manne is deur 'n ster na Jesus gelei (Matt. 2:1–12); en Herodes dood die kinders (Matt. 2:16–18).

## 12. Jerusalem in Jesus se Tyd




1. **Gólgota** 'n Moontlike terrein vir Jesus se kruisiging (Matt. 27:33–37).
2. **Tuingraf** 'n Moontlike terrein vir die graf waarin Jesus se liggaam geplaas is (Joh. 19:38–42). Die herrese Christus het aan Maria Magdaléna verskyn in die tuin buite sy graf (Joh. 20:1–17).
3. **Antonia-fort** Jesus is moontlik by hierdie plek aangekla, veroordeel, bespot en gegésel (Joh. 18:28–19:16). Paulus is gevange geneem en vertel die verhaal van sy bekering (Hand. 21:31–22:21).
4. **Bad van Betésda** Jesus genees 'n verlamde op die Sabbat (Joh. 5:2–9).
5. **Tempel** Gabriël belowe Sagaría dat Elisabet 'n seun sou baar (Lk. 1:5–25). Die voorhangsel van die tempel skeur met die dood van die Saligmaker (Matt. 27:51).
6. **Salomo se Pilaargang** Jesus verklaar dat Hy die Seun van God is. Die Jode probeer Hom stenig (Joh. 10:22–39). Petrus predik bekering nadat 'n verlamde man genees is (Hand. 3:11–26).
7. **Skone Poort** Petrus en Johannes genees 'n verlamde man (Hand. 3:1–10).
8. **Bo-punt van die Tempel** Jesus word deur Satan versoek (Matt. 4:5–7). (Waarskynlike ligging van hierdie gebeurtenis.)
9. **Heilige Berg** (ongespesifiseerde liggings)
    *a.* Volgens oorlewering het Abraham 'n altaar gebou om Isak te offer (Gén. 22:9–14).
    *b.* Salomo het die tempel gebou (1 Kon. 6:1–10; 2 Kron. 3:1).
    *c.* Die Babiloniërs het die tempel in ongeveer 587 v.C. vernietig (2 Kon. 25:8–9).
    *d.* Serubbábel het die tempel in ongeveer 515 v.C. herbou (Esra 3:8–10; 5:2; 6:14–16).
    *e.* Herodes het die tempelvoorhof uitgebrei en die tempel herbou beginnende 17 v.C. Jesus is as 'n baba voorgestel (Lk. 2:22–39).
    *f.* Op die ouderdom van 12 het Jesus in die tempel onderrig (Lukas 2:41–50).
    *g.* Jesus het die tempel gereinig (Matt. 21:12–16; Joh. 2:13–17).
    *h.* Jesus het by verskeie geleenthede in die tempel onderrig (Matt. 21:23–23:39; Joh. 7:14–8:59).
    *i.* Die Romeine onder Titus het die tempel in 70 n.C. vernietig.
10. **Tuin van Getsémané** Jesus het gely, is veraai en is gearresteer (Matt. 26:36–46; Lk. 22:39–54).
11. **Olyfberg**
    *a.* Jesus het die vernietiging van Jerusalem en die tempel voorspel. Hy het ook gepraat van die Tweede Koms (Matt. 24:3–25:46; sien ook JS—M).
    *b.* Van hier het Jesus opgevaar na die hemel (Hand. 1:9–12).
    *c.* Op 24 Oktober 1841 het Ouderling Orson Hyde die Heilige Land toegewy vir die terugkeer van die kinders van Abraham.
12. **Gihon-fontein** Salomo is as koning gesalf (1 Kon. 1:38–39). Hiskía het 'n tonnel laat grawe om water van die fontein na die stad te bring (2 Kron. 32:30).
13. **Waterpoort** Esra het die wet van Moses vir die volk gelees en geïnterpreteer (Neh. 8:1–8).
14. **Hinnom-vallei** Die vals god Molog is aanbid, wat kinderoffers ingesluit het (2 Kon. 23:10; 2 Kron. 28:3).
15. **Huis van Kájafas** Jesus is na Kájafas geneem (Matt. 26:57–68). Petrus het ontken dat hy Jesus geken het (Matt. 26:69–75).
16. **Bo-kamer** Die tradisionele plek waar Jesus die Pasga geëet en die nagmaal ingestel het (Matt. 26:20–30). Hy het die voete van die Apostels gewas (Joh. 13:4–17) en hulle onderrig (Joh. 13:18–17:26).
17. **Herodes se Paleis** Christus is na Herodes geneem, moontlik op hierdie plek (Lk. 23:7–11).
18. **Jerusalem** (ongespesifiseerde liggings)
    *a.* Melgisédek het as koning van Salem geheers (Gén. 14:18).
    *b.* Koning Dawid het die stad van die Jebusiete verower (2 Sam. 5:7; 1 Kron. 11:4–7).
    *c.* Die stad is deur die Babiloniërs in ongeveer 587 v.C. vernietig (2 Kon. 25:1–11).
    *d.* Die Heilige Gees het talle vervul op Pinksterdag (Hand. 2:1–4).
    *e.* Petrus en Johannes is gearresteer en voor die raad gebring (Hand. 4:1–23).
    *f.* Ananías en Saffira het vir die Here gelieg en gesterf (Hand. 5:1–10).
    *g.* Petrus en Johannes is gearresteer maar 'n engel het hulle van die gevangenis bevry (Hand. 5:17–20).
    *h.* Die Apostels het sewe mans gekies om hulle by te staan (Hand. 6:1–6).
    *i.* Stéfanus se getuienis aan die Jode is verwerp en hy is tot die dood gestenig (Hand. 6:8–7:60).
    *j.* Jakobus is gemartel (Hand. 12:1–2).
    *k.* 'n Engel het Petrus uit die gevangenis bevry (Hand. 12:5–11).
    *l.* Die Apostels het die probleem van die besnydenis opgelos (Hand. 15:5–29).
    *m.* Die Romeine onder Titus het die stad in 70 n.C. vernietig.

**13. Die Sendingreise van die Apostel Paulus**



1. **Gasa** Filippus predik van Christus en doop 'n Ethiopiese hofdienaar op pad na Gasa (Hand. 8:26–39).
2. **Jerusalem** Sien kaart 12 vir gebeure in Jerusalem.
3. **Joppe** Petrus ontvang 'n visioen dat God die geskenk van bekering aan die nie-Jode gee (Hand. 10; 11:5–18). Petrus wek Tabíta op uit die dood (Hand. 9:36–42).
4. **Samaría** Filippus dien in Samaría (Hand. 8:5–13), en Petrus en Johannes het later hier onderrig (Hand. 8:14–25). Nadat hulle die gawe van die Heilige Gees geskenk het, wou Simon die towenaar hierdie gawe van hulle koop (Hand. 8:9–24).
5. **Cesaréa** Nadat 'n engel die hoofman Cornelius hier gedien het, stem Petrus in dat hy gedoop word (Hand. 10). Hier het Paulus homself voor Agríppa verdedig (Hand. 25–26; sien ook JS—G 1:24–25).
6. **Damaskus** Jesus verskyn aan Saulus (Hand. 9:1–7). Nadat Ananías Saulus se sig herstel het, is Saulus gedoop en hy begin sy bediening (Hand. 9:10–27).
7. **Antiochíë (in Aram)** Hier is dissipels vir die eerste keer Christene genoem (Hand. 11:26). Ágabus voorspel hongersnood (Hand. 11:27–28). Groot onenigheid het in Antiochíë ontstaan aangaande besnydenis (Hand. 14:26–28; 15:1–9). Paulus begin sy tweede sendingreis in Antiochíë met Silas, Bárnabas en Judas Bársabas (Hand. 15:22, 30, 35).
8. **Tarsus** Paulus se geboortestad; Paulus word deur die broeders hierheen gestuur om sy lewe te beveilig (Hand. 9:29–30).
9. **Ciprus** Nadat hulle vervolg is, vlug 'n aantal heiliges na hierdie eiland (Hand. 11:19). Paulus reis deur Ciprus op sy eerste sendingreis (Hand. 13:4–5), so ook Bárnabas en later Markus (Hand. 15:39).
10. **Pafos** Paulus het 'n towenaar hier vervloek (Hand. 13:6–11).
11. **Derbe** Paulus en Bárnabas het die evangelie in hierdie stad gepredik (Hand. 14:6–7, 20–21).
12. **Listre** Nadat Paulus 'n kreupel man genees het, is hy en Bárnabas as gode beskou. Paulus is gestenig en vir dood agtergelaat, maar hy het weer opgestaan en sy prediking voortgesit (Hand. 14:6–21). Timótheüs kom hiervandaan (Hand. 16:1–3).
13. **Ikónium** Op hulle eerste sending het Paulus en Bárnabas hier gepredik en is met steniging gedreig (Hand. 13:51–14:7).
14. **Laodicéa en Kolosse** Laodicéa is een van die gemeentes van die Kerk wat Paulus besoek het en van briewe ontvang het (Kol. 4:16). Dit is ook een van die sewe stede wat in Openbaring genoem word (die ander is Éfese, Smirna, Pérgamus, Thiatíre, Sardis en Filadelfía; sien Openb. 1:11). Kolosse is 18 kilometer oos van Laodicéa. Paulus het aan die Heiliges geskryf wat hier gewoon het.
15. **Antiochíë (in Pisídië)** Op hulle eerste sendingreis het Paulus en Bárnabas die Jode geleer dat Christus van die geslag van Dawid is. Paulus het die evangelie aan Israel gebied, en daarna aan die ander volke. Paulus en Bárnabas is vervolg en uitgewerp (Hand. 13:14–50).
16. **Miléte** Terwyl Paulus hier op sy derde sendingreis was, waarsku hy die ouderlinge van die Kerk dat "wrede wolwe" onder die kudde sou kom (Hand. 20:29–31).
17. **Patmos** Johannes was 'n gevangene op die eiland toe hy die visioene ontvang het wat nou in die boek Openbaring vervat is (Openb. 1:9).
18. **Éfese** Apollos het hier met mag gepreek (Hand. 18:24–28). Paulus het op sy derde sendingreis vir twee jaar in Éfese gebly waar hy baie mense onderrig en bekeer het (Hand. 19:10, 18). Hy ken die gawe van die Heilige Gees toe deur die oplegging van hande (Hand. 19:1–7) en verrig baie wonderwerke, onder andere die uitdrywing van bose geeste (Hand. 19:8–21). Aanbidders van Diana het 'n oproer teen Paulus veroorsaak (Hand. 19:22–41). Deel van Openbaring is aan die Kerk in Éfese gerig (Openb. 1:11).
19. **Troas** Terwyl Paulus hier was op sy tweede sendingreis, het hy 'n visioen van 'n man in Macedónië wat om hulp vra, gesien (Hand. 16:9–12). Terwyl hy hier was op sy derde sendingreis, wek hy Eútichus op uit die dood (Hand. 20:6–12).
20. **Filíppi** Paulus, Silas en Timótheüs bekeer 'n vrou genaamd Lídia, dryf 'n bose gees uit, en word geslaan (Hand. 16:11–23). Hulle ontvang Goddelike hulp om uit die gevangenis te ontsnap (Hand. 16:23–26).
21. **Athene** Terwyl Paulus op sy tweede sendingreis in Athene was, predik hy by Areópagus aangaande 'n "onbekende God" (Hand. 17:22–34).
22. **Korinthe** Paulus het na Korinthe gegaan op sy tweede sendingreis, waar hy by Áquila en Priscílla tuisgegaan het. Hy het hier gepredik en baie mense gedoop (Hand. 18:1–18). Uit Korinthe het Paulus sy sendbrief aan die Romeine geskryf.
23. **Thessaloníka** Paulus het hier gepredik tydens sy tweede sendingreis. Sy sendinggroep vertrek na Beréa ná die Jode hulle veiligheid bedreig het (Hand. 17:1–10).
24. **Beréa** Paulus, Silas en Timótheüs vind opregte siele om te onderrig tydens Paulus se tweede sendingreis. Die Jode van Thessaloníka agtervolg en vervolg hulle (Hand. 17:10–13).
25. **Macedónië** Paulus het hier tydens sy tweede en derde sendingreise onderrig (Hand. 16:9–40; 19:21). Paulus prys die vrygewigheid van die Macedóniese Heiliges wat hom en die arm Heiliges in Jerusalem ondersteun het (Rom. 15:26; 2 Kor. 8:1–5; 11:9).
26. **Melíte** Paulus het op hierdie eiland skipbreuk gelei onderweg na Rome (Hand. 26:32; 27:1, 41–44). Hy is ongedeerd ná 'n slangbyt en genees baie siekes op Melíte (Hand. 28:1–9).
27. **Rome** Paulus predik hier vir twee jaar terwyl hy onder huisarres verkeer (Hand. 28:16–31). Tydens sy slawerny in Rome skryf hy ook sendbriewe aan die Efésiërs, Filippense en Kolossense en aan Timótheüs en Filémon. Petrus skryf sy eerste sendbrief vanuit "Babilon" wat vermoedelik Rome was, kort ná Nero die Christene vervolg het in 64 n.C. Dit word algemeen aangeneem dat Petrus en Paulus hier 'n marteldood gesterf het.

## 14. Hoogtekaart van die Heilige Land



## Bybelkaarte Indeks

Die kaarte indeks kan u help om ’n spesifieke plek op die kaarte op te spoor. Elke inskrywing sluit die kaartnommer in gevolg deur die ruitverwysing wat uit ’n letter-syfer kombinasie bestaan. Byvoorbeeld, die inskrywing vir Rabba (Amman) op die eerste kaart is gelys as as 1:D5—d.w.s. kaart 1, blokkie D5. U kan spesifieke blokkies op elke kaart bepaal deur te verwys na die koördinate aan die bokant en sykant van daardie kaart. Alternatiewe name van plekke word tussen hakies gegee; bv. Rabba (Amman). ’n Vraagteken na ’n naam dui aan dat die plek wat op die kaart aangedui word ’n moontlike of waarskynlike ligging is, maar nie vir seker nie.


Abána, rivier, 1:D1
Abiléne, streek, 11:D1
Acháje, Romeinse provinsie, 8:C2, 13:D2
Adriatiese See, 8:B2
Ai, 2:D1, 10:B5
Ájalon, 1:B5, 10:B5, 11:B5
Akaba, Golf van, 2:D4
Akkad, streek, 9:G2
Akko (Ptolemáis), 1:B3, 3:B2, 4:B2, 10:B2, 11:B3
Alexandríë, 8:C3, 13:F4
Ámalek, streek, 4:A6
Amman (Rabba), 1:D5, 10:D5, 14:D2
Ammon, streek, 1:D6, 3:D5, 4:D3, 10:D6
Antiochíë, in Aram, 8:C3, 13:H2
Antiochíë, in Pisídië, 13:F2
Antonia-fort, in Jerusalem, 12:C3
Áppius-markplein, 13:B1
Áraba (Slenkdal), 1:C8, 2:D2, 4:C6, 10:C8
Arabië, 5:C4, 8:D4
Arabiese See, 6:D4
Arabiese Woestyn, 9:F3
Arad, 2:D1, 3:B7, 4:B5
Aral See, 5:D1, 6:D1, 7:C2
Aram, streek, 6:B3, 8:C3, 9:D3, 11:C2, 13:H3
Aram-Damaskus, streek, 4:D1
Árarat, Berg, 9:F1
Argob, streek, 4:C1
Arimatea, 11:B5
Arnon, rivier, 1:C7, 2:D1, 3:C6, 4:C5, 10:C7, 11:C7
Asdod, 1:A6, 3:A5, 4:B4, 10:A6, 11:A6
Aser, stam, 3:B2
Asië, Romeinse provinsie, 8:C2, 13:F1
Áskalon (Áskelon), 11:A6
Áskelon (Áskalon), 1:A6, 3:A6, 4:A4, 10:A6, 11:A6
Assirië, 9:F2
Assiriese Koninkryk, 5:C3
Assur, 5:C2, 9:F2
Athene, 6:A2, 7:A2, 8:C2, 13:D2

Babel (Sínear), 9:G3
Babilon, 5:C3, 6:C3, 7:B3, 9:F3
Babilonië, streek, 9:F3
Babiloniese Ryk, Nuwe, 6:B3
Basan, streek, 1:D2, 10:C2
Benede See (Oostelike See, Persiese Golf), 5:C4, 6:C4, 7:B4, 8:D4, 9:H3
Benjamin, stam, 3:B5
Beréa, 13:D1
Berséba, 1:B7, 2:C1, 3:B7, 4:B5, 9:D4, 10:B7, 11:A8
Beseta, 12:B3
Besor, rivier, 1:A7, 10:A7, 11:A8
Betábara, 11:C6
Betánië, 11:B6
Betánië, Pad na, 12:D6
Bet-el (Lus), 3:B5, 4:C4, 10:B5, 11:B6
Betésda, Bad van, in Jerusalem, 12:C3
Bétfagé, 11:B6
Betlehem, 1:B6, 3:B6, 4:B4, 10:B6, 11:B6
Betlehem, Pad na, 12:A7
Betsáida, 11:C3
Bet-San, 3:C3, 4:C3, 10:C4
Bithínië, streek, 13:F1
Bo-kamer, in Jerusalem, 12:B6
Bosra, 4:C6
Brittanië, streek, 8:A1

Carthago, 8:B3
Cesaréa, 11:B4, 13:H3
Cesaréa-Filíppi, 11:C2
Chios, eiland, 13:E2
Cilícië, streek, 13:G2
Ciprus (Kittim), eiland, 8:C3, 9:C3, 13:G3
Ciréne, 13:D3
Cnidus, 13:E2

Damaskus, 1:D1, 9:D3, 10:D1, 11:D1, 13:H3
Dan (Lais), 1:C2, 3:C1, 4:C1, 10:C2
Dan, stam, 3:C1, 3:A5
Dasië, streek, 8:C2
Dekápolis, streek, 11:D4
Derbe, 13:G2
Dibon, 2:D1
Dofka, 2:C4
Dooie See (Soutsee), 1:C7, 2:D1, 3:C6, 4:C4, 9:D4, 10:C6, 11:C7, 14:A7, 14:C3

Dooie See, bodem van, 14:C3
Dooie See, Pad na, 12:C8
Dooie See, vlak van, 14:A7, 14:C3
Dor, 3:B3, 4:B2
Dotan, 10:B4
Drie Herberge, 13:B1
Dura, Vlakte van, 9:F3

Ebal, Berg, 1:B4, 3:B4, 4:C3, 10:B4, 11:B5, 14:B6
Edom, streek, 1:C8, 2:D2, 4:C7, 10:D8
Éfese, 8:C2, 13:E2
Efraim, stam, 3:B5
Egipte, Koninkryk van, 6:A3
Egipte, Rivier van, 2:C2
Egipte, streek, 2:A2, 5:B4, 7:A4, 8:C4, 9:C4, 13:F4
Ekron, 1:B6, 10:A6
Ela, 1:B6, 10:A6, 11:A6
Elam, streek, 5:C3, 6:C3, 7:C3, 9:H3
Elim, 2:C3
Émmaüs, 11:B6
Émmaüs, Pad na, 12:A4
En-Dor, 10:C3
Éngedi, 4:C4, 10:C7
Enon, 11:C4
Esdraelon (Jísreël), Vallei van, 1:B3, 10:B3
Éseon-Geber, 2:D3, 4:B8, 9:D4
Etam, Woestyn van, 2:B3
Eufraat, rivier, 5:B3, 6:B3, 8:D3, 9:E2

Farpar, rivier, 1:D1, 10:D1, 11:D2
Fenisië, streek, 1:C1, 4:B1, 9:D3, 10:B1, 11:B2, 13:H3
Filadelfía, 11:D6
Filíppi, 13:D1
Filistéa, streek, 4:B4
Filistéa, Vlakte van, 1:A6, 10:A6
Filistyne, volk, 2:C2
Frígië, streek, 13:F2

Gad, stam, 3:C5
Gadara, 11:C4
Galásië, streek, 13:G1
Galiléa, Benede, streek, 1:C3
Galiléa, Opper, streek, 1:C2
Galiléa, See van (Kinnéret), 1:C3, 3:C2, 4:C2, 9:D3, 10:C3, 11:C3, 14:B7
Galiléa, streek, 11:C3
Gallië, streek, 8:A1
Gasa, 1:A6, 2:C1, 3:A6, 4:A4, 10:A7, 11:A7, 13:H4
Gat, 3:A6, 4:B4, 10:A6
Gat-Hefer, 10:B3
Gerar, 10:A7
Gerar, rivier, 1:A7, 10:A7, 11:A7
Gerísim, berg, 1:B5, 3:B4, 4:C3, 10:B5, 11:B5, 14:B6
Germanië, streek, 8:B1
Geser, 4:B4
Gesur, streek, 4:C2
Getsémané, Tuin van, in Jerusalem, 12:D4
Gíbea, 4:C4
Gíbeon, 10:B5
Gihon-fontein, in Jerusalem, 12:D6
Gilbóa, Berg, 1:C4, 3:C3, 10:C4, 11:C4, 14:C6
Gílead, streek, 1:C4, 10:C4
Gilgal, 1:C5, 2:D1, 4:C4
Gólgota, in Jerusalem, 12:B3
Gomorra, gebied van Sodom en, 10:C8
Górasin, 11:C3
Gosen, streek, 2:A2, 9:C4
Griekeland, 7:A2
Groot (Middellandse, Opper) See, 1:A4, 2:B1, 3:A3, 4:A3, 5:A3, 6:A3, 9:B3, 10:A4, 11:A5, 14:A2, 14:A6

Haran (Paddan-Aram), 9:E2
Hasmoniese Paleis, in Jerusalem, 12:C5
Hasor, 3:C2, 4:C2, 10:C2
Hebron, 1:B6, 2:D1, 3:B6, 4:B4, 10:B7, 11:B7
Hebron, Pad na, 12:A7
Heliopolis (On), 2:A3
Hermon, Berg, 1:D1, 3:C1, 4:C1, 10:C1, 11:C1, 14:D5
Herodes se Paleis, in Jerusalem, 12:B5
Hesbon, 4:C4
Hetiete, volk, 9:D2
Heuwelland van Judéa, 14:B2
Hewiete, volk, 3:C1
Hinnom-vallei, in Jerusalem, 12:B7
Hiskía se Tonnel, in Jerusalem, 12:C6
Hispanië, streek, 8:A2
Hor, Berg, 2:D2
Horeb (Berg Sinai), 2:C4, 9:D4
Horiete, volk, 9:E2
Hule (Waters van Merom), Meer, 10:C2, 14:C6
Hule-vallei, 1:C2, 11:C2

Iduméa, streek, 1:B8, 10:B8, 11:B7
Ikónium, 13:G2
Indus-rivier, 7:D3
Israel, Bad van, in Jerusalem, 12:C4
Israel, gebied, 4:B3
Íssaskar, stam, 3:C3
Italië, Romeinse provinsie, 8:B2, 13:A1

Jabbok, rivier, 1:C5, 3:D4, 4:D3, 10:C5, 11:C5
Jabes in Gílead, 3:C4
Jarmuk, rivier, 1:C3, 10:C3, 11:C3
Jérigo, 1:C5, 2:D1, 3:C5, 4:C4, 10:C6, 11:C6, 14:A7, 14:C3
Jérigo, Pad na, 12:D6
Jerusalem (Salem), 1:B6, 2:D1, 3:B5, 4:C4, 5:B3, 6:B3, 7:A3, 8:C3, 9:D3, 10:B6, 11:B6, 13:H3, 14:B2, 14:B6
Jerusalem, Bo-stad, 12:B6
Jerusalem, Onderstad, 12:C6
Jísreël, 4:C2, 10:B4
Jísreël (Esdraelon), Vallei van, 1:B3, 10:B3
Joppe, 1:A5, 3:A5, 4:B3, 10:A5, 11:A5, 13:H3
Joppe, Pad na, 12:A4
Jordaanrivier, 1:C5, 2:D1, 3:C5, 4:C3, 10:C5, 11:C5
Juda, stam, 3:A6
Juda, streek, 5:B3, 10:B7
Judéa, streek, 1:B6, 11:B7
Judéa, Woestyn van, 1:B7, 11:B7

Kades-Barnéa, 2:C2, 3:A8, 4:A6
Kaftor (Kreta), eiland, 9:A3
Kájafas, Huis van, in Jerusalem, 12:B6
Kana, 11:C3
Kanaän, streek, 2:C1, 9:D3
Kapérnaüm, 11:C3
Kappadosië, streek, 13:H2
Kárkemis, 5:B2, 6:B2, 9:D2
Karmel, Berg, 1:B3, 3:B3, 4:B2, 10:B3, 11:B3
Kaspiese See, 5:C1, 6:C2, 7:B2, 8:D2, 9:G1
Kaukasus, berge, 5:C1, 8:D2, 9:F1
Kidron-vallei, in Jerusalem, 12:D6
Kinnéret, See van (Galiléa), 1:C3, 3:C2, 4:C2, 9:D3, 10:C3, 11:C3
Kir-Haréset, 10:C7
Kisjon, rivier, 1:B3, 10:B3, 11:B3
Kittim (Ciprus), eiland, 9:C3
Koninklike Pilaargang, in Jerusalem, 12:C5
Korinthe, 13:D2
Kreta (Kaftor), eiland, 8:C3, 9:A3, 13:E3

Lagis, 1:B6, 3:B6, 4:B4, 10:B7
Lais (Dan), 10:C2
Laodicéa, 13:F2
Libanon-gebergte, 1:C1, 10:C1, 11:C1
Libië, 8:B3, 13:C4
Libiese Woestyn, 9:B4
Licië, streek, 13:F2
Listre, 13:G2
Litani, rivier, 1:C1, 10:C1, 11:C2
Lud, streek, 13:E2
Lus (Bet-el), 10:B5

Macedónië, streek, 7:A2, 8:C2, 13:D1
Machaerus, 11:C7
Mágdala, 11:C3
Mahanáim, 10:C5
Malta, eiland, 13:B3
Manasse, stam, 3:B4, 3:D2
Mara, 2:B3
Mare Internum (Groot, Middellandse, Opper See), 8:B3
Medéba, 4:C4
Mederryk, 6:D3
Megíddo, 1:B3, 3:B3, 4:B2, 6:B3, 9:D3, 10:B3
Melíte (Malta), eiland, 13:B3
Memfis (Nof), 2:A3, 5:B4, 6:B3, 7:A3, 8:C3
Mesopotamië, 8:D3, 9:E2
Micene, 5:A2
Middellandse (Groot, Opper) See, 1:A4, 2:B1, 3:A3, 4:A3, 5:A3, 6:A3, 7:A3, 8:B3, 9:B3, 10:A4, 11:A5, 13:D3, 14:A2, 14:A6
Middellandse See, vlak van, 14:A2, 14:A6
Midian, streek, 2:D4, 9:E4
Miléte, 13:E2
Mira, 13:F2
Mísië, streek, 13:E1
Moab, streek, 1:D7, 2:D1, 3:D7, 4:C5, 10:D7
Moab, Vlaktes van, 1:C6, 11:C6
Mooi Hawens, hawe, 13:E3
More, Heuwel van, 1:C3, 10:C3
Moría, Berg, 14:B6

Nabataea, streek, 11:C8
Náftali, stam, 3:C2
Nain, 11:C4
Násaret, 1:C3, 11:B3
Nebo, Berg, 1:C6, 2:D1, 3:C6, 4:C4, 10:C6, 11:C6
Negev, streek, 1:B8, 10:B8
Ninevé, 5:C2, 9:F2
Nof (Memfis), 2:A3
Nyl, rivier, 2:A4, 5:B4, 6:B4, 7:A4, 8:C4, 9:C4
Nyldelta, 2:A2, 9:C4

Olyfberg, 1:B6, 10:B6, 11:B6, 12:D5, 14:B6
On (Heliopolis), 2:A3, 9:C4
Oostelike (Benede) See, 5:C4, 6:C4
Oostelike Wildernis, 2:D2
Opper (Groot, Middellandse) See, 7:A3, 9:B3

Paddan-Aram (Haran), 9:E2
Pafos, 13:G3
Pamfílië, streek, 13:F2
Paran, Woestyn van, 2:C3
Parthieseryk, 8:D3
Patmos, eiland, 13:E2
Perea, 11:C5
Pergamos, 13:E2
Perge, 13:F2
Persië, 5:D4, 6:D4
Persiese Golf (Benede See), 9:H3
Pi-Hágirot, 2:B3
Pisídië, streek, 13:F2
Pitom, 2:B2
Pniël, 10:C4
Pontus, streek, 13:G1
Ptolemáis (Akko), 1:B3, 11:B3, 13:H3
Putéoli, 13:B1

Raämses (Tanis), 2:B2
Rabba (Amman), 1:D5, 3:D5, 10:D5, 14:D2
Ráfidim, 2:C4
Ramot in Gílead, 3:D3, 4:C2
Régium, 13:B2
Rhodus, eiland, 9:B3, 13:E3
Rogel-fontein, 12:C7
Rome, 8:B2, 13:A1
Rooi See, 2:D4, 5:B4, 6:B4, 7:B4, 8:C4, 9:D4
Ruben, stam, 3:C6

Salamis, 13:G3
Salem (Jerusalem), 9:D3
Salim, 11:C4
Salomo se Pilaargang, in Jerusalem, 12:D4
Samaría, 1:B4, 5:B3, 10:B4, 11:B5, 13:H3
Samaría, Pad na, 12:B1
Samaría, streek, 1:B4, 10:B4, 11:B4
Samotrake, eiland, 13:E1
Sarfat, 11:B1
Sarmatië, streek, 8:C1
Saron, Vlakte van, 1:B4, 10:B4, 11:B5
Sebulon, stam, 3:B3
Sefela, 1:B6, 10:B6, 14:B2
Sered-rivier, 1:C8, 2:D2, 3:C8, 4:C5, 10:C8, 11:C8
Sidon, 1:C1, 9:D3, 10:B1, 11:B1, 13:H3
Sígar, 11:B5
Sigem, 3:B4, 4:C3, 10:B4
Siklag, 4:B5
Silo, 3:B5, 4:C3, 10:C5
Silóam, Bad van, in Jerusalem, 12:C7
Símeon, stam, 3:A7
Sinai, Berg (Horeb), 2:C4, 9:D4
Sinai-skiereiland, 2:C3
Sinaiwoestyn, 2:C4
Sínear (Babel), 9:G3
Sinwoestyn, 2:C3
Sion, Berg, 14:B6
Sirakúse, 13:B2
Skaappoort, in Jerusalem, 12:C4
Skone Poort, 12:C4
Slangbad, in Jerusalem, 12:A6
Smirna, 13:E2
Sodom en Gomorra, omgewing van, 10:C8
Sorek, rivier, 1:B6, 10:A6, 11:A6
Soutsee (Dooie See), 1:C7, 2:D1, 3:C6, 4:C4, 9:D4
Sparta, 6:A2, 7:A2
Suez, Golf van, 2:B4
Sukkot, in Egipte, 2:B2
Sukkot, in Israel, 3:C4, 4:C3
Sur, Wildernis van, 2:C2
Susa (Susan), 6:C3, 7:B3, 9:G3
Susan (Susa), 6:C3, 7:B3, 9:G3
Susa-poort, in Jerusalem, 12:D4
Swart See, 5:B1, 6:B1, 7:B2, 8:C2, 9:C1, 13:F1

Tabor, Berg, 1:C3, 3:C3, 4:C2, 10:C3, 11:C3, 14:C6
Tanis (Raämses), 2:B2
Tarsus, 13:G2
Tebes, 5:B4, 6:B4, 7:A4, 8:C4
Tekóa, 10:B6
Tempel, Bo-punt van die, in Jerusalem, 12:D5
Tempel, in Jerusalem, 12:C4
Tempel, Trappe na die, in Jerusalem, 12:D5
Thessaloníka, 8:C2, 13:D1
Tibérias, 11:C3
Tigris, rivier, 5:C2, 6:C2, 8:D3, 9:G3
Tirus, 1:B2, 3:B1, 4:B1, 9:D3, 10:B1, 11:B2, 13:H3
Toringbad, in Jerusalem, 12:B5
Trans-Jordaan, oostelike tafellande van, 14:D2
Troas, 13:E2
Troje, 6:A2, 7:A2, 9:B2
Tuingraf, in Jerusalem, 12:B3

Ur, 5:C3, 9:E2, 9:G3
Urartu, streek, 9:E1

Vispoort, in Jerusalem, 12:B3

Waterpoort, in Jerusalem, 12:C7
Waters van Merom (Hule-meer), 10:C2
Wildernislaers, 2:C4

Zinwoestyn, 2:C2


# BYBELFOTO'S

Hierdie foto's van belangrike plekke beeld die landstreke uit waar Jesus gewandel het, waar die Bybelse profete geleef en onderrig het en waar baie skriftuurgebeure plaasgevind het.

## Oorsig

Onderstaande kaart toon die ligging van die foto's in hierdie gedeelte. Op die volgende bladsye word elke genommerde foto vergesel van 'n kort beskrywing van die ligging. Betekenisvolle skriftuurlike gebeure van daardie area word dan gelys saam met die skriftuurverwysings sodat u kan weet waar om meer te lees oor daardie gebeure.

**1.** Nylrivier en Egipte
**2.** Berg Sinai (Horeb) en die Sinaiwoestyn
**3.** Woestyn van Judéa
**4.** Kades-Barnéa
**5.** Grafte van die Patriarge
**6.** Heuwelland van Judéa
**7.** Betlehem
**8.** Jerusalem
**9.** Tempel van Herodes
**10.** Trappe na die Tempel
**11.** Olyfberg
**12.** Tuin van Getsémané
**13.** Gólgota
**14.** Tuingraf
**15.** Jérigo
**16.** Silo
**17.** Sigem
**18.** Dotan in Samaría
**19.** Cesaréa en die Vlakte van Saron na Karmel
**20.** Joppe
**21.** Jísreël Vallei
**22.** Berg Tabor
**23.** See van Galiléa en die Berg van Saligsprekinge
**24.** Kapérnaüm
**25.** Jordaanrivier
**26.** Cesaréa-Filíppi
**27.** Násaret
**28.** Dan
**29.** Athene
**30.** Korinthe
**31.** Éfese
**32.** Eiland van Patmos




**1. Nylrivier en Egipte**



Plantegroei op die walle van die Nylrivier. Op ʼn plek soos hierdie het Moses se moeder haar babaseun versteek. In die agtergrond is die woestyngebiede wat die meeste van Egipte uitmaak.

*Betekenisvolle Gebeure:* Die land is ontdek deur Egyptus (Abr. 1:23–25). Abraham het na Egipte gegaan (Gén. 12:10–20; Abr. 2:21–25). Josef is verkoop en na Egipte geneem, hy word ʼn heerser, en red sy familie van hongersnood (Gén. 37; 39–46). Jakob se afstammelinge het in Egipte gewoon (Gén. 47; Ex. 1; 12:40). Die dogter van Farao het die baba Moses in die rivier gevind en hom grootgemaak (Ex. 2:1–10). Moses lei die Israeliete uit Egipte (Ex. 3–14). Maria, Josef en Jesus het na Egipte gegaan vir ʼn rukkie om van Herodes te ontsnap (Matt. 2:13–15, 19–21). In die laaste dae sal die Egiptenare die Here ken, en die Here sal Egipte seën (Jes. 19:20–25). (Sien GS Egipte.)


**2. Berg Sinai (Horeb) en die Sinaiwoestyn**



Daar is verskeie moontlike liggings vir Berg Sinai. Een van die tradisionele liggings is Jebel Musa (Berg van Moses), hier in beeld.

*Betekenisvolle Gebeure:* God verskyn aan Moses en gee aan hom die Tien Gebooie (Ex. 19–20). Moses, Aäron, twee van Aäron se seuns, en 70 ouderlinge het God gesien en met Hom gekommunikeer (Ex. 24:9–12). Die Here het Moses instruksies gegee vir die bou van die tabernakel (Ex. 25–28; 30–31). Die Israeliete aanbid 'n goue kalf wat hulle Aäron oorreed het om te maak (Ex. 32:1–8). Elía vlug na hierdie land vanuit die Jísreël-vallei, waar Koningin Isébel gewoon het (1 Kon. 19:1–18). Dit is ook waar Elía met God gespreek het (1 Kon. 19:8–19). (Sien GS Berg Sinai.)


**3. Woestyn van Judéa**



Die woestyn van Judéa is geleë oos van Jerusalem en daal af na die Dooie See.

*Betekenisvolle Gebeure:* Die woestyn van Judéa was ′n belangrike toevlugsoord in baie tydperke van die vroeë geskiedenis. Dawid het vir Koning Saul weggekruip (1 Sam. 26:1–3). Jesus het vir 40 dae en 40 nagte gevas (Matt. 4:1–11; Mark. 1:12–13). Jesus het dié roete van Jerusalem na Jérigo gebruik as die agtergrond vir die gelykenis van die barmhartige Samaritaan omdat daardie area gevaarlik was vir diegene wat alleen gereis het (Lk. 10:25–37). (Sien GS Dooie See.)


**4. Kades-Barnéa**



Hierdie is 'n noord-oostelike uitsig van die groot woestynvallei (ook genoem 'n wadi) waar Kades-Barnéa geleë is. Die stroom wat hier vloei gedurende die reënseisoen maak dit 'n goed-benatte en vrugbare plek in die Zinwoestyn.

*Betekenisvolle Gebeure:* Hierdie is die waarskynlike plek vanwaar Moses 12 manne gestuur het om die land Kanaän te bespied (Núm. 13:17–30). Dit dien as 'n basiskamp vir die Israeliete gedurende 38 van amper 40 jaar se dwaling in die woestyn (Deut. 2:14). Mirjam het daar gesterwe en is daar begrawe (Núm. 20:1). Dit is waar Korag oproer maak, waar die die mense murmureer, en Aäron se staf bloei (Núm. 16–17). Hier naby het Moses 'n rots geslaan en water het uitgekom (Núm. 20:7–11).


**5. Grafte van die Patriarge**



Hierdie gebou, een van die mees bekendes in die Heilige Land, is opgerig in Hebron deur Koning Herodes bo-op die tradisionele terrein van die grot van Magpéla, wat deur Abraham gekoop is vir 'n familiebegraafplek (Gén. 23).

*Betekenisvolle Gebeure:* Begraafplek van Sara (Gén. 23) en Abraham (Gén. 25:9). Isak, Rebekka en Lea is ook hier begrawe (Gén. 49:30–31). Jakob se liggaam is van Egipte na Kanaän gebring en in die grot begrawe (Gén. 50).


**6. Heuwelland van Judéa**



Die heuwelland van Judéa is omtrent 56 kilometer lank en 27 kilometer breed. Meeste van die land is klipperig en moeilik om te bewerk. Die heuwels word deur valleie opgebreek waarvan die land redelik vrugbaar is. Die vroegste Israeliete het in hierdie heuwels gewoon, en dit gebruik as beskerming teen invallers.

*Betekenisvolle Gebeure:* Die Here het hierdie land aan Abraham en sy nageslag beloof (Gén. 13:14–18; 17:8). Sara en Abraham is hier begrawe in die grot van Magpéla, in Hebron (Gén. 23:19; 25:9). Dawid verower Jerusalem van die Jebusiete (2 Sam. 5:4–9). Meer Ou Testamentiese gebeure is opgeteken wat in hierdie heuwels plaasgevind het as in enige ander streek.

**7. Betlehem**



Hierdie foto toon klipperige heuwels en skaapherdervelde in die voorgrond, met die moderne stad Betlehem in die agtergrond.

*Betekenisvolle Gebeure:* Ragel is hier naby begrawe (Gén. 35:16–20). Rut en Boas het hier gewoon (Rut 1:19–2:4). Koning Dawid is hier gebore en as koning gesalf (1 Sam. 16:1–13). Die Saligmaker is hier gebore, en die herders en die Wyse Manne het Hom aanbid (Matt. 2:1–11; Lk. 2:4–16). (Sien GS Betlehem.)

**8. Jerusalem**



Noordwaartse uitsig oor Jerusalem. In die middel van die foto is 'n Moslem heiligdom met 'n goudbeslane koepel, genaamd die Koepel van die Rots. In antieke tye het die Jode in die tempel wat daar geleë was, aanbid. Die mure naby die Koepel van die Rots omring die ou stad Jerusalem. Aan die regterkant van die muur is die Kidron-vallei. Heel regs, buite die foto, is die Olyfberg. Aan die noordekant, anderkant die Koepel van die Rots, is 'n moontlike ligging van Gólgota, of Plek van die Hoofskedel.

*Betekenisvolle Gebeure:* Jerusalem was eertyds Salem genoem (Ps. 76:2). Abraham het tiendes aan Melgisédek betaal (Gén. 14:18–20). Abraham het gekom om Isak te offer (Gén. 22:2–14). Koning Dawid neem Jerusalem af van die Jebusiete (2 Sam. 5:4–9). Koning Salomo bou 'n tempel (1 Kon. 6–7). Lehi vertrek om na 'n land van belofte te gaan (1 Ne. 1:4; 2). Die Saligmaker het gedien en vir ons sondes versoening gedoen, en is opgewek (Matt. 21–28). Soos die Saligmaker geprofeteer het, is Jerusalem kort na sy dood vernietig (JS—M 1:3–20). Jerusalem sal in die laaste dae ingeneem word (Eség. 38–39; Joël 2–3; Openb. 11; 16). Die Saligmaker sal as deel van sy Tweede Koms hier verskyn (Sag. 12–14; L&V 45:48–53). (Sien GS Jerusalem; Salem.)


**9. Tempel van Herodes**



Hierdie foto toon 'n model van die tempel van Herodes (1:50 skaal) soos wat dit vermoedelik was in 67 n.C. Die muur om die tempelkompleks omring die Heilige wat die Allerheiligste, die heilige plek, en die drie groot howe bevat.

*Betekenisvolle Gebeure:* Josef en Maria het met die kind Jesus na die tempel gegaan om Hom voor te stel (Lk. 2:22–38). Die Saligmaker het in die tempel onderrig op die ouderdom van 12 (Lk. 2:41–46). Die Saligmaker het geldwisselaars uit die tempel gejaag (Matt. 21:12–13) en geprofeteer aangaande die vernietiging van die tempel (Matt. 24:1–2). 'n Toekomstige tempel sal in Jerusalem gebou word (Eség. 40–48; Sag. 8:7–9). (Sien GS Tempel, Huis van die Here.)


**10. Trappe na die Tempel**



Die tempelgebied was in verskillende howe verdeel, en die buitenste howe was op die laagste vlak geleë. Die tempelgangers het deur verskeie hekke ingegaan, insluitend dié wat opwaarts gegaan het vanaf hierdie trappe na die buitenste howe en dan na die binneste howe. Duisende mense het hierdie trappe bestyg deur die jare, insluitend die Seun van God. Toe die leër van Titus hierdie tempel in 70 n.C. vernietig het, was die trappe bedek met rommel. Hulle is in die 1970s deur argeoloë ontbloot gedurende uitgrawings van 'n gedeelte van die ou stad Jerusalem.

*Betekenisvolle Gebeurlikheid:* Eségiël sien in 'n visioen die grootte en vorm van die toekomstige tempel (Eség. 40). (Sien GS Tempel, Huis van die Here.)

**11. Olyfberg**



Uitsig ooswaarts na die Olyfberg. Die gebou in die voorgrond dui 'n moontlike ligging aan van die Tuin van Getsémané. Op 24 Oktober 1841 het Ouderling Orson Hyde van die Kworum van die Twaalf Apostels die Olyfberg opgestap en 'n profetiese gebed van toewyding gedoen vir die terugkeer van die kinders van Abraham en die bou van die tempel.

*Betekenisvolle Gebeure:* Rome vernietig Jerusalem in 70 n.C. soos voorspel deur die Saligmaker op die Olyfberg (sien JS—M 1:23). Die Saligmaker sal op die Olyfberg staan voor sy verskyning aan die hele wêreld. (Sien Sag. 14:3–5; L&V 45:48–53; 133:19–20; GS Olyfberg.)

**12. Tuin van Getsémané**



Hierdie foto van ’n ou olyfboom is geneem op ’n plek waar, volgens oorlewering, die Tuin van Getsémané geleë was. Die Saligmaker het hier naby gebid nadat Hy die bo-kamer verlaat het op die aand van sy verloëning.

*Betekenisvolle Gebeure:* Hier het die lyding van Jesus Christus begin vir die sondes van die mensdom (Matt. 26:36–44; Mark. 14:32–41; L&V 19:16–19). Ná sy gebed is Hy verloën deur Judas Iskáriot en sy dissipels het Hom tydelik verlaat na Hy gevange geneem is in die tuin (Mark. 14:50). (Sien GS Getsémané).


**13. Gólgota**



Hierdie rotswand, wat soos 'n skedel lyk, is net buitekant Jerusalem se Damaskuspoort (Joh. 19:17, 20). Dit is 'n moontlike ligging van Gólgota, waar die Kruisiging plaasgevind het.

*Betekenisvolle Gebeurlikheid:* Nadat Jesus gegésel en bespot is, is Hy na 'n plek geneem "wat Gólgota genoem word . . . Plek van die Hoofskedel" waar Hy gekruisig is (Matt. 27:26–35; Joh. 19:17–18). (Sien GS Gólgota.)

**14. Tuingraf**



Moontlike terrein van die tuingraf van Josef van Arimathéa. Sommige moderne profete het gevoel dat die Saligmaker se liggaam in die graf wat hier getoon word, geplaas is.

*Betekenisvolle Gebeure:* Nadat die Saligmaker aan die kruis gesterf het, is sy liggaam in ′n nuwe graf wat uit rots gekap is, gelê (Matt. 27:57–60). Op die derde dag het ′n paar vroue na die graf gegaan en gevind dat die Saligmaker se liggaam nie daar was nie (Matt. 28:1; Joh. 20:1–2). Die Apostels Petrus en Johannes het ook na die graf gegaan en gesien dat die Saligmaker se liggaam weg was (Joh. 20:2–9). Die herrese Saligmaker het aan Maria Magdaléna verskyn (Joh. 20:11–18).


**15. Jérigo**



Hierdie foto toon plantegroei in hedendaagse Jérigo. In antieke tye was dit ʼn ommuurde stad in die vallei van die Jordaanrivier, 252 meter onder seespieël. Dit is ʼn ryk landbougebied waar dadelpalms en sitrusboorde floreer. In die agtergrond is die tradisionele Berg van Versoeking (Matt. 4:1–11).

*Betekenisvolle Gebeure:* Naby hierdie plek het Josua en die kinders van Israel eerste die Jordaanrivier oorgesteek, en die beloofde land binnegegaan (Jos. 2:1–3; 3:14–16). Die Here het die mure op ʼn wonderbaarlike wyse laat inval voor die Israelitiese magte (Jos. 6; sien ook Hebr. 11:30). Josua vervloek die stad (Jos. 6:26), wat vervul is (1 Kon. 16:34). Elísa genees die water van Jérigo (2 Kon. 2:18–22). Die Saligmaker het hier deurgereis op sy laaste besoek aan Jerusalem, genees die blinde Bartiméüs en gaan tuis by Saggéüs, die tollenaar (Mark. 10:46–52; Lk. 18:35–43; 19:1–10). Die pad na Jérigo van Jerusalem is die toneel van die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan (Lk. 10:30–37). (Sien GS Jérigo.)


**16. Silo**



In hierdie westelike uitsig is die ruïnes van die antieke stad Silo net links van die middel.

*Betekenisvolle Gebeure:* Die stamme van Israel het bymekaargekom om hulle toekenning van die land te ontvang (Jos. 18–22). Die tabernakel en verbondsark was hier opgestel en het vir eeue lank daar gebly (Jos. 18:1). Hier het Hanna gebid en haar seun Samuel aan die Here se diens toegewy (1 Sam. 1). Die Israeliete het die ark uit Silo verwyder en word deur Filistyne verslaan, wat dan die ark buit (1 Sam. 4:1–11).


**17. Sigem**



Die antieke ligging van Sigem. In die voorgrond is Berg Gerísim, en in die agtergrond is Berg Ebal. Sigem is tussen hierdie twee berge geleë.

*Betekenisvolle Gebeure:* Abraham het by Sigem gekamp (Gén. 12:6–7). Jakob het hier gekamp en 'n stuk grond gekoop (Gén. 33:18–20). Berg Gerísim was die berg van seëning, en Berg Ebal was die berg van vervloeking (Deut. 27–28). Josua het 'n monument op Berg Ebal opgerig met die wet van Moses daarop geskrywe en het die wet aan die Israeliete voorgelees (Jos. 8:30–35). Die beendere van Josef is in Sigem begrawe (Jos. 24:32).

**18. Dotan in Samaría**



Dotan word gekenmerk deur riwwe en valleie. Dit is goeie weiveld. Toe die Israeliete hulle hier gevestig het, is die streek aan Manasse gegee.

*Betekenisvolle Gebeure:* In die Dotan-vallei word Josef verkoop en na Egipte geneem (Gén. 37:12–28). Obadja red 'n honderd profete deur hulle in 'n spelonk te versteek toe Isébel die profete van Israel wou vermoor (1 Kon. 18:13). Die Aramese leër omring Elísa en sy dienaar, en die Here red hulle wonderbaarlik (2 Kon. 6:13–23).


**19. Cesaréa en die Vlakte van Saron na Karmel**



Noordwaartse uitsig oor die antieke seehawe van Cesaréa en die Vlakte van Saron. Aan die bokant van die foto kan die Karmelbergreeks gesien word.

*Betekenisvolle Gebeure:* Elía konfronteer die vals profete van Baäl by Berg Karmel (1 Kon. 18). Die *Via Maris* (Weg van die See), 'n belangrike pad in antieke tye, is oos van Cesaréa geleë. Na 'n merkwaardige visioen in Joppe, begin Petrus sy bediening onder die ander volke deur die evangelie te onderrig aan die hoofman Cornelius in Cesaréa (Hand. 10). Filippus het hier gepreek en gewoon en het vier dogters gehad wat geprofeteer het (Hand. 8:40; 21:8–9). Paulus was vir twee jaar 'n gevangene in die stad (Hand. 23–26). Hy het die evangelie gepredik aan Felix, Festus en aan Herodes Agríppa II, wat gesê het "Jy beweeg my byna om 'n Christen te word" (Hand. 26:28).

**20. Joppe**



Noord-westelike uitsig oor die hawestad Joppe.

*Betekenisvolle Gebeure:* Jona het na Joppe gegaan om 'n skip na Tarsis te neem (Jona 1:1–3). Joppe was die hawe wat Salomo en later Serubbábel gebruik het om hout van die sederwoude van Libanon te bring om hulle tempels te bou (2 Kron. 2:16; Esra 3:7). Petrus het Tabíta, ook bekend as Dorkas, hier uit die dood opgewek (Hand. 9:36–43). Petrus het ook die visioen van die rein en onrein diere hier gehad, wat aan hom die noodsaaklikheid geopenbaar het om die bediening onder die nie-Jode te begin (Hand. 10). Orson Hyde het hier aangekom om die Heilige Land toe te wy in 1841.


**21. Jísreël Vallei**



Suid-westelike uitsig van die top van Berg Tabor na ′n gedeelte van Jísreël-vallei, ook bekend as die Vlakte van Esdraelon. Alhoewel die Jísreël-vallei dikwels beskou word as een groot vallei, is dit eintlik ′n reeks van valleie wat die Vlakte van Akko met die Jordaanvallei en die See van Galiléa-streek met mekaar verbind. Die vallei van Megíddo, byvoorbeeld, is in die westelike gedeelte van hierdie vallei. Die Jísreël-vallei was die hoofroete deur die Heilige Land en tussen die Middellandse See aan die weste en die Jordaanvallei aan die ooste.

*Betekenisvolle Gebeure:* Die vernaamste hoofweg wat Egipte en Mesopotamië verbind strek deur hierdie vallei, en baie veldslae het daar plaasgevind (Rigt. 1:22–27; 5:19; 2 Kon. 23:29–30). Die laaste groot stryd in hierdie land begin met die veldslag van Armagéddon, wat sal plaasvind kort voor die Tweede Koms van die Saligmaker; dit ontleen sy naam aan *Har Megíddon*, of Berg van Megíddo (Eség. 38; Joël 3:9–14; Sag. 14:2–5; Openb. 16:14–16).

**22. Berg Tabor**



Noordwestelike uitsig na Berg Tabor. Die laagland om Berg Tabor is deel van die Jísreël-vallei. Násaret lê in die heuwels naby Berg Tabor.

*Betekenisvolle Gebeure:* Debóra en Barak het die magte van die Here byeengebring teen Jabin, koning van Hasor (Rigt. 4:4–14). Berg Tabor is een van die tradisionele liggings van die Transfigurasie van die Saligmaker (Matt. 17:1–9); die ander is Berg Hermon. (Sien GS Transfigurasie.)

## 23. See van Galiléa en die Berg van Saligsprekinge



Die suidwestelike uitsig oor die noordweste hoek van die See van Galiléa, 'n varswater meer. Die heuwel in die middel voorgrond is die tradisionele ligging van die Berg van Saligsprekinge. Kapérnaüm is na links, buite die foto. Tibérias is verder suid langs die westelike kus.

*Betekenisvolle Gebeure:* Die Saligmaker het baie van sy aardse bediening in hierdie streek deurgebring. Hier het Hy die Twaalf Apostels geroep en geordineer (Matt. 4:18–22; 10:1–4; Mark. 1:16–20; 2:13–14; 3:7, 13–19; Lk. 5:1–11), die Bergpredikasie uitgespreek (Matt. 5–7), en deur middel van gelykenisse onderrig (Matt. 13:1–52; Mark. 4:1–34). Wonderwerke wat Hy verrig het, sluit die volgende in: Hy het 'n melaatse genees (Matt. 8:1–4); 'n storm gekalmeer (Matt. 8:23–27); 'n legioen duiwels uit 'n jong man gedryf, wat toe in 'n trop varke ingevaar het wat in die see ingehardloop het (Mark. 5:1–15); het die 5,000 en die 4,000 gevoed (Matt. 14:14–21; 15:32–38); het sy dissipels gebied om hul nette in te werp, waardeur hulle baie visse gevang het (Lk. 5:1–6); het baie mense genees (Matt. 15:29–31; Mark. 3:7–12); en het na sy Opstanding verskyn om sy dissipels te onderrig (Mark. 14:27–28; 16:7; Joh. 21:1–23). (Sien GS Galiléa.)

**24. Kapérnaüm**



Kapérnaüm, geleë aan die noordelike oewer van die See van Galiléa, was die middelpunt van Jesus se bediening in Galiléa (Matt. 9:1–2; Mark. 2:1–5). ʼn Belangrike en florerende vissers- en handelsmiddelpunt, dit was die tuiste van nie-Jode sowel as Jode. Die bevolking van die eerste eeu het waarskynlik nooit 1,000 mense oorskry nie. Kapérnaüm was geleë op die kruispad van belangrike handelsroetes met vrugbare landbougrond. Romeinse soldate het badhuise en bergingsplekke hier opgerig. Ten spyte van die talle wonderwerke wat hier verrig is, het die mense in die algemeen die Saligmaker se bediening verwerp. Jesus het daarom die stad vervloek (Matt. 11:20, 23–24). Mettertyd het Kapérnaüm in onbruik verval en is steeds onbewoond.

*Betekenisvolle Gebeure:* Kapérnaüm was bekend as die Saligmaker se "eie stad" (Matt. 9:1–2; Mark. 2:1–5). Hy het baie wonderwerke op hierdie plek verrig. Byvoorbeeld, Hy het baie mense genees (Mark. 1:32–34), insluitende ʼn hoofman oor ʼn honderd se dienskneg (Lk. 7:1–10), Petrus se skoonmoeder (Mark. 1:21, 29–31), die verlamde wie se bed neergelaat is deur ʼn dak (Mark. 2:1–12), en die man met die verdorde hand (Matt. 12:9–13). Hier het Jesus ook baie bose geeste uitgewerp (Mark. 1:21–28, 32–34), het die dogter van Jaïrus uit die dood opgewek (Matt. 9:18–19, 23–26; Mark. 5:22–24, 35–43), en die brood van die lewe predikasie in die sinagoge te Kapérnaüm gelewer (Joh. 6:24–59). Die Saligmaker het Petrus aangesê om ʼn vis van die See van Galiléa te vang, sy bek oop te maak, en ʼn muntstuk te vind waarmee ʼn belasting betaal moes word (Matt. 17:24–27).


**25. Jordaanrivier**



Die Jordaanrivier begin noord van die See van Galiléa, vloei daarin, en stroom verder suid na die Dooie See. Hierdie foto is geneem naby die rivier se uitvloei van die See van Galiléa.

*Betekenisvolle Gebeure:* Lot het die vlaktes van die Jordaan vir homself gekies (Gén. 13:10–11). Josua het die waters verdeel om die Israeliete in staat te stel om die beloofde land binne te gaan (Jos. 3:13–17; 4:1–9, 20–24). Elía en Elísa het die waters verdeel (2 Kon. 2:5–8, 12–14). Naäman is van melaatsheid genees (2 Kon. 5:1–15). Johannes die Doper het baie mense gedoop, insluitende die Saligmaker (Matt. 3:1–6, 13–16). (Sien GS Jordaanrivier.)

**26. Cesaréa-Filíppi**



Cesaréa-Filíppi is geleë aan die voet van Berg Hermon. Hierdie fontein is een van die bronwaters van die Jordaanrivier. Herodes Filippus, wat hierdie area regeer het, het 'n stad hier gebou ter ere van Caesar (sy keiser) en homself; die stad is voorheen Panias genoem, en word vandag Banias sowel as Cesaréa-Filíppi genoem.

*Betekenisvolle Gebeurlikheid:* Die Saligmaker het sy dissipels by Cesaréa-Filíppi ontmoet. Hier het Petrus verklaar dat die Saligmaker "die Christus, die Seun van die lewende God" was. Die Saligmaker het toe vir Petrus "die sleutels van die koninkryk van die hemele" belowe (Matt. 16:13–20).

**27. Násaret**



Hierdie uitsig oor die moderne stad Násaret kyk suidwaarts, Násaret was 'n klein dorpie in Bybelse tye.

*Betekenisvolle Gebeure:* Nefi sien die moeder van die Saligmaker in Násaret in 'n visioen (1 Ne. 11:13–22). Die engel Gabriël het vir Maria gesê dat sy die Saligmaker sal baar (Lk. 1:26–35). Gabriël het vir Josef gesê om Maria tot vrou te neem en om haar seun Jesus te noem (Matt. 1:18–25). Jesus het in Násaret grootgeword (Matt. 2:19–23; Lk. 2:4–40; 4:16). Hy het gepreek en in die sinagoge aangekondig dat Hy die Messias is (Lk. 4:16–21), maar die mense van Násaret het hom verwerp (Matt. 13:54–58; Lk. 4:22–30). (Sien GS Násaret.)

**28. Dan**



Die antieke stad Dan was Lesem (Jos. 19:47) of Lais (Rigt. 18:7, 14) genoem voor die Israeliete die land in besit geneem het. Die fonteine wat by hierdie terrein geleë is, tesame met die fonteine by Cesaréa-Filíppi, is die hoofbronne van die Jordaanrivier. Jeróbeam se tempelterrein word hier getoon.

*Betekenisvolle Gebeure:* Abraham bevry Lot (Gén. 14:13–16). Die stam van Dan het die area ingeneem en dit Dan genoem (Jos. 19:47–48). Jeróbeam bou 'n vals tempel met 'n goue kalf wat bygedra het tot die ondergang van die noordelike tien stamme (1 Kon. 12:26–33). Dan was Israel se mees noordelike stad—vandaar dat die skrifture verwys na die land Israel "van Berséba tot Dan" (2 Kron. 30:5; Berséba was die mees suidelike stad). (Sien GS Dan.)

**29. Athene**



Hierdie foto, geneem van die Areópagus (Mars se Heuwel), toon die Akropolis van Athene, ligging van heilige plekke van verskeie heidense gode. Athene was die antieke Griekse hoofstad van Attika en in Nuwe Testamentiese tye was dit in die Romeinse provinsie van Acháje. Dit was vernoem ter ere van die heidense Griekse godin Athene. Teen Nuwe Testamentiese tye het Athene meeste van sy eertydse prag en praal verloor, maar het nog steeds beelde en monumente van gode en godinne bevat, insluitende die "Onbekende God" (Hand. 17:23).

*Betekenisvolle Gebeure:* Die Apostel Paulus het die stad besoek en sy rede oor die "Onbekende God" op die Areópagus gepredik (Hand. 17:15–34). Sendelinge is vanaf Athene na ander dele van Griekeland gestuur (1 Thes. 3:1–2).


**30. Korinthe**



Korinthe was die hoofstad van die Romeinse provinsie van Acháje. Dit was geleë op die landengte wat die Peloponnesos met die vasteland van Griekeland verbind het, met 'n hawe aan beide die oostelike en westelike kante. Dit was 'n hawestad van rykdom en invloed.

*Betekenisvolle Gebeure:* Paulus het vir 'n jaar en ses maande in Korinthe gebly en die Kerk hier gevestig (Hand. 18:1–18). Paulus het verskeie briewe aan lede van die Kerk in die gebied van Korinthe geskryf, waarvan twee in die Nuwe Testament vervat is (1 en 2 Korinthiërs). Die Sendbrief aan die Romeine was waarskynlik vanuit Korinthe geskryf.


**31. Éfese**



Die ruïnes van die Griekse teater by Éfese, waar die Apostel Paulus gepreek het. Gedurende Nuwe Testamentiese tye was Éfese dwarsdeur die bekende wêreld bekend vir sy wonderlike tempel wat ter ere van die heidense Romeinse godin Diana gebou was. Tans in 'n vervalle toestand, was Éfese eens die hoofstad van die Romeinse provinsie van Asië en 'n groot handelsentrum. Die silwersmede van die stad het 'n florerende besigheid gehad in die handel van beeldjies van Diana.

*Betekenisvolle Gebeure:* Die Apostel Paulus het Éfese besoek naby die einde van sy tweede sendingreis (Hand. 18:18–19). Op sy derde sendingreis het hy vir twee jaar in die stad gebly. Hy was gedwing om weg te gaan weens die oproer wat deur die silwersmede veroorsaak was omdat hulle besigheid verloor het omdat Paulus gepreek het teen die aanbidding van die valse godin Diana (Hand. 19:1, 10, 23–41; 20:1). Die teater van Éfese was die grootste wat ooit deur die Grieke gebou is en is die ligging waar Paulus se metgeselle deur 'n bende gekonfronteer is (Hand. 19:29–31). Paulus het 'n sendbrief geskryf aan die lede van die Kerk te Éfese tydens sy gevangenskap in Rome. Een van die sewe gemeentes van die Kerk in Asië aan wie die boek Openbaring gerig is, was in Éfese geleë (Openb. 1:10–11; 2:1).

**32. Eiland van Patmos**



Patmos, 'n eiland in die Egeïese See waarheen Johannes verban is (Openb. 1:9). Volgens oorlewering het hy daar in die marmersteengroewe gewerk.

*Betekenisvolle Gebeurlikheid:* Johannes het die groot visioen bekend as die Apokalips (boek van Openbaring) gehad. Die Here het hom beveel om dit aan die sewe gemeentes in Asië te stuur (Openb. 1:11).


# KERKGESKIEDENISKAARTE

Die volgende kaarte kan u help om die vroeë geskiedenis van die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae beter te verstaan asook die skrifture wat deur die Profeet Joseph Smith en sy opvolgers geopenbaar is. Deur die aardrykskunde van die lande wat in die skrifture bespreek word te ken, sal u skriftuurlike gebeure beter verstaan.

## Oorsig en Sleutel

Die buitelyne op die onderstaande kaart dui die fokus van elkeen van die genommerde kaarte aan wat volg. Hierdie kaarte bestaan uit groot streke sowel as eng gefokusde geografiese areas.

1. Noordoostelike Verenigde State
2. Palmyra-Manchester, New York, 1820–1831
3. Die New York, Pennsilvanië en Ohio-gebied van die VSA
4. Kirtland, Ohio, 1830–1838
5. Die Missouri, Illinois en Iowa Area van die VSA
6. Die Weswaartse Beweging van die Kerk
7. Kaart van die Wêreld





Hier volg ’n sleutel om die verskillende simbole en druktipes te verstaan wat gebruik word op die kaarte. Verder mag individuele kaarte sleutels met verduidelikings bevat van bykomende simbole wat betrekking het op daardie betrokke kaart.

| | |
|---|---|
| ■ | ’n Oranje blokkie verteenwoordig ’n gebou, besigheid of ander stadsbaken. |
| ● | ’n Rooi kol verteenwoordig ’n stad of dorp. |
| *Atlantiese Oseaan* | Hierdie lettertipe word gebruik om geografiese plekke soos mere, riviere, berge, wildernisse en valleie aan te dui. |

| | |
|---|---|
| Palmyra | Hierdie lettertipe word gebruik vir stede en dorpe. |
| NEW YORK | Hierdie lettertipe word gebruik vir kleiner politieke verdelings soos streke en V.S.A.-state en -gebiede. |
| KANADA | Hierdie lettertipe word gebruik vir grote politieke verdelings soos nasies, lande en kontinente. |

## 1. Noordoostelike Verenigde State





1. **Topsfield** Die geboorteplek van Joseph Smith Snr., gebore 12 Julie 1771.
2. **Gilsum** Lucy Mack is hier gebore, 8 Julie 1775.
3. **Tunbridge** Joseph Smith Snr. en Lucy Mack is hier getroud, 24 Januarie 1796.
4. **Whitingham** Die geboorteplek van Brigham Young, gebore 1 Junie 1801.
5. **Harmony** Emma Hale is gebore in Harmony-woongebied, 10 Julie 1804.
6. **Sharon** Joseph Smith Jr. is hier gebore, 23 Desember 1805 (sien JS—G 1:3).
7. **Lebanon** Die Smith familie het in die Lebanon-woongebied gewoon van 1811 tot 1813, gedurende welke tyd Joseph Smith Jr. 'n reeks operasies op sy been ondergaan het.
8. **Norwich** Die Smith familie het hier gewoon van 1814 tot 1816 voordat hulle na Palmyra getrek het.
9. **Palmyra** Die Smith familie het hierheen getrek in 1816 (sien JS—G 1:3).

## 2. Palmyra-Manchester, New York, 1820–1831





1. **Joseph Smith Snr. Houthuis** Die engel Moroni het aan Joseph Smith verskyn in ’n bo-kamer van hierdie huis op 21–22 September 1823 (sien JS—G 1:29–47).
2. **Joseph Smith Snr.-plaas** Hierdie 40-hektaar plaas is ontwikkel deur die Smith familie van 1820 tot 1829.
3. **Heilige Woud** Joseph Smith Jr. se Eerse Visioen het in ’n woud op die Smith-plaas plaasgevind in die vroeë lente van 1820 (sien JS—G 1:11–20).
4. **Joseph Smith Snr. Raamhuis** Hierdie huis is begin in 1822 deur Alvin Smith en bewoon deur die Smith familie van 1825 tot 1829.
5. **Cumora-heuwel** Hier het die engel Moroni aan die Profeet Joseph Smith die goue plate op 22 September 1827 gegee (sien JS—G 1:50–54, 59).
6. **Martin Harris-plaas** Hierdie plaas is beswaar en ’n gedeelte is verkoop om vir die druk van die Boek van Mormon te betaal.
7. **E.B. Grandin-drukkery** 5,000 kopieë van die Boek van Mormon is hier gedruk 1829–1830.
8. **Hathaway-stroom** In hierdie stroom, dikwels die Crooked-stroom genoem deur vroeë inwoners, is sommige vroeë Kerkdope uitgevoer.

## 3. Die New York, Pennsilvanië en Ohio-gebied van die VSA




1. **South Bainbridge** Joseph Smith Jr. en Emma Hale is hier getroud op 18 Januarie 1827 (sien JS—G 1:57).
2. **Colesville** Die eerste tak van die Kerk is georganiseer by die huis van Joseph Knight Snr. in Colesville-woongebied, in 1830.
3. **Joseph Smith Jr.-huis in Harmony** Baie van die vertaalwerk van die Boek van Mormon is hier voltooi. Die priesterskap is daar naby in 1829 herstel (sien L&V 13; 128:20; JS—G 1:71–72).
4. **Fayette** Die Drie Getuies het die goue plate en die engel Moroni hier gesien (L&V 17). Die Boek van Mormon vertaling is hier voltooi in Junie 1829. Die Kerk is hier georganiseer op 6 April 1830 (sien L&V 20–21).
5. **Mendon** Vroeëre woning van Brigham Young en Heber C. Kimball.
6. **Kirtland** Sendelinge wat na die Lamaniete gestuur is, het hier in 1830 vertoef en Sidney Rigdon en andere in die Kirtland area gedoop. Dit was die hoofkwartier van die Kerk van 1831 tot 1838. Die eerste tempel van hierdie tydvak is in Kirtland gebou en is toegewy op 27 Maart 1836 (sien L&V 109).
7. **Erie-kanaal** Die drie takke van die Kerk in New York (Colesville, Fayette en Manchester) het via die Erie-kanaal en die Erie-meer na Kirtland, Ohio geïmmigreer in April en Mei 1831.
8. **Hiram** Joseph en Emma het hier gewoon vanaf September 1831 tot September 1832. Joseph en Sidney Rigdon het hier gewerk aan die Joseph Smith-vertaling van die Bybel (JSV). Openbarings wat hier ontvang is: D&C 1; 65–71; 73; 76–77; 79–81; 99; 133.
9. **Amherst** Joseph Smith is geonderskraag as President van die Hoëpriesterskap op 25 Januarie 1832 (Sien L&V 75).
10. **Toronto** Huis van John Taylor, derde President van die Kerk, en Mary Fielding Smith, vrou van Hyrum Smith.


## 4. Kirtland, Ohio, 1830–1838




1. **Newel K. Whitney-huis** Joseph en Emma het hier vir 'n aantal weke gewoon nadat hulle na Kirtland getrek het in 1831. Joseph het verskeie openbarings hier ontvang.
2. **Isaac Morley-plaas** Joseph en Emma Smith het hier gewoon van Maart tot September 1831. Die eerste hoëpriesters is hier geordineer. Joseph het gewerk aan die Joseph Smith-vertaling van die Bybel (JSV).
3. **Newel K. Whitney-winkel** Die Eerste Presidensie van die Kerk is hier die sleutels van die koninkryk gegee. Die Skool van die Profete het hier vergader gedurende die winter van 1833. Die JSV het hier voltooiing genader in 1833. Joseph en Emma het hier gewoon van 1832 tot 1833. Joseph het baie openbarings hier ontvang.
4. **Johnson-herberg** Die herberg het die eerste drukkery in Kirtland bevat. *The Evening and the Morning Star* is hier gedruk na die vernietiging van die drukpers in die Jackson-distrik, Missouri. Die Twaalf Apostels het hiervandaan vertrek op 4 Mei 1835 op hulle eerste sendings.
5. **Joseph Smith Jr.-huis** Joseph en Emma het hier gewoon van laat 1833 tot vroeg 1838. Vertaling van die boek van Abraham is voltooi, en Joseph het verskeie openbarings hier ontvang.
6. **Drukkery** Die *Lectures on Faith* is in hierdie gebou gelewer. Die Twaalf Apostels en die Eerste Kworum van die Sewentig is hier geroep en geordineer. Die Leer en Verbonde (1e uitgawe), die Boek van Mormon (2e uitgawe), *The Evening and the Morning Star, Latter Day Saints' Messenger and Advocate,* en die eerste uitgawes van *Elders' Journal* is hier gedruk.
7. **Kirtland-tempel** Hierdie tempel was die eerste in hierdie tydvak. Jesus Christus het verskyn en die tempel aanvaar. Moses, Elías en Elía het verskyn en sekere priesterskapsleutels herstel (sien L&V 110). Die Skool van die Profete het ook hier vergader. Openbarings is hier ontvang: L&V 109–110; 137.


**Kirtland** Op 17 Augustus 1835 is die Leer en Verbonde aanvaar as skriftuur. Openbarings wat in Kirtland ontvang is, sluit in L&V 41–50; 52–56; 63–64; 72; 78; 84–98; 101–104; 106–110; 112; 134; en 137. Afdeling 104 dui sekere eiendomme aan om as rentmeesterskap aan Kerklede gegee te word wat deelneem aan die verenigde orde (sien verse 19–46).

## 5. Die Missouri, Illinois en Iowa Area van die VSA




1. **Independence** Geïdentifiseer as die middelpunt van Sion (sien L&V 57:3). 'n Tempelterrein is op 3 Augustus 1831 toegewy. Die Heiliges is uit die Jackson-distrik in 1833 verdryf.
2. **Fishing-rivier** Joseph Smith en Sion se Kamp het in 1834 van Kirtland, Ohio na Missouri gereis om die Jackson-distrik se Heiliges se grond aan hulle terug te besorg. L&V 105 is op die oewer van hierdie rivier geopenbaar.
3. **Far West** Hierdie was die grootste Mormoonse nedersetting in Missouri. 'n Terrein vir 'n tempel is by hierdie ligging toegewy (sien L&V 115). Die Kworum van die Twaalf Apostels het hier op 8 Julie 1838 'n oproep van die Here ontvang om sendings te dien in die Britse Eilande (sien L&V 118).
4. **Adam-ondi-Ahman** Die Here het hierdie plek in opper Missouri geïdentifiseer as die plek waar 'n groot byeenkoms in die toekoms gaan plaasvind wannneer Jesus Christus sal kom om Adam en sy regverdige nageslag te ontmoet (sien L&V 78:15; 107:53–57; 116).
5. **Liberty-gevangenis** Joseph Smith en andere is hier onregverdiglik gevange gehou vanaf Desember 1838 tot April 1839. Te midde van moeilike tye vir die Kerk, het Joseph die Here aangeroep om leiding en L&V 121–123 ontvang.
6. **Nauvoo** Geleë aan die Mississippi-rivier was die versamelplek vir die Heiliges van 1839 tot en met 1846. Hier is 'n tempel gebou en ordinansies soos doop vir die dode, die begiftiging, en die verseëling van paartjies het begin. Hier is die Verligtingsvereniging in 1842 georganiseer. Openbarings ontvang sluit in L&V 124–129.
7. **Carthage** Hier het die Profeet Joseph Smith en sy broer Hyrum as martelaars gesterf op 27 Junie 1844 (sien L&V 135).
8. **Winter Quarters** Die grootste tydelike nedersetting van die Heiliges (1846–1848) onderweg na die Salt Lake-vallei. Die Kamp van Israel was georganiseer vir die weswaartse reis (sien L&V 136).
9. **Council Bluffs (Kanesville)** Die Eerste Presidensie is hier op 27 Desember 1847 onderskraag met Brigham Young as President.

## 6. Die Weswaartse Beweging van die Kerk




1. **Fayette** Die Profeet Joseph Smith het van Fayette na Kirtland, Ohio vertrek in Januarie 1831. Die drie New York takke (Fayette, Colesville en Manchester) het in April en Mei 1831 gevolg na die Here se bevel om te versamel (sien L&V 37–38).
2. **Kirtland** Die hoofkwartier van die Kerk was hoofsaaklik in Kirtland van 1831 to 1838.
3. **Independence** Die Here het Independence (in Jackson-distrik, Missouri) geïdentifiseer as die middelpunt van Sion in Julie 1831 (sien L&V 57:3). Bendes het die Heiliges uit Jackson-distrik in November 1833 gedwing.
4. **Liberty** Die Heiliges van Jackson-distrik het in Clay-distrik vergader van 1833–1836, waarna hulle weer moes vertrek. Die Profeet Joseph Smith en vyf ander was hier onregverdiglik in die gevangenis opgesluit van Desember 1838 tot April 1839.
5. **Far West** 'n Toevlugsoord is hier vir die Heiliges gevestig 1836–1838. Dit was die hoofkwartier van die Kerk in 1838. In 1838–1839 was die Heiliges genoodsaak om na Illinois te vlug.
6. **Nauvoo** Die hoofkwartier van die Kerk 1839–1846. Na die marteldood van die Profeet en sy broer Hyrum, het die Heiliges weswaarts getrek.
7. **Council Bluffs** Die pioniers het hier gearriveer in Junie 1846. Lede van die Mormon Battalion het op 21 Julie 1846 vertrek onder leiding van James Allen.
8. **Winter Quarters** 'n Belangrike tydelike nedersetting, 1846–1848. Die voorhoede-geselskap onder leiding van President Brigham Young het na die Weste vertrek April 1847.
9. **Fort Leavenworth** Die Mormoonse Bataljon is hier uitgerus voor hulle die mars weswaarts onderneem het in Augustus 1846.
10. **Santa Fe** Philip Cooke het die Mormoonse Bataljon aangevoer terwyl dit hiervandaan gemarsjeer het, 19 Oktober 1846.
11. **Pueblo** Drie afdelings met siekes van die Mormoonse Bataljon is beveel om na Pueblo te gaan om te herstel, waar hulle die winter van 1846–1847 met die Heiliges van Mississippi deurgebring het. Hierdie groepe het die Salt Lake-vallei in Julie 1847 binnegegaan.
12. **San Diego** Die Mormoonse Bataljon het sy mars van 3,200 kilometer hier voltooi op 29 Januarie 1847.
13. **Los Angeles** Die Mormoonse Bataljon is hier ontbind op 16 Julie 1847.
14. **Sacramento** Sommige ontslane bataljonlede het hier gewerk asook by Sutter se Meule verder oos op die American-rivier. Hulle was teenwoordig toe goud in Januarie 1848 ontdek is.
15. **Salt Lake City** Hoofkwartier van die Kerk vanaf 1847 tot nou toe. Brigham Young het in die Salt Lake-vallei aangekom op 24 Julie 1847.

**7. Kaart van die Wêreld**



**Kerkgeskiedeniskaart-indeks**

Die kaartindeks kan u help om ′n spesifieke plek op die kaarte te vind. Elke inskrywing sluit die kaartnommer in gevolg deur die ruitverwysing bestaande uit ′n letter-nommer kombinasie. Byvoorbeeld, die ligging van Fort Hall word aangedui as 6:B1—dit is, kaart 6, blokkie B1. U kan spesifieke blokkies op elke kaart vind deur te verwys na die koördinate aan die bokant en sykant van daardie kaart. Alternatiewe name van plekke word in hakies gelys, byvoorbeeld Council Bluffs (Kanesville).

Adam-ondi-Ahman, Missouri, 5:D3
Afrika, 7:E2
Albany, New York, 1:C2
Amherst, Ohio, 3:C4
Antarktika, 7:E4
Arkansas-rivier, 6:D3
Armington Schoolhouse-pad, Palmyra area, 2:D3
Asië, 7:F2
Atlantiese Oseaan, 1:D4, 6:H2
Australië, 7:G3

Bank, Kirtland, 4:B4
Begraafplaas, Kirtland, 4:B3
Boston, Massachusetts, 1:D3
Buffalo, New York, 3:E2

Canadian-rivier, 6:D3
Canandaigua-weg, Palmyra area, 2:C3
Carthage, Illinois, 5:G2
Chagrin-rivier, oostelike tak, Kirtland, 4:B1
Chariton-rivier, Missouri, 5:E2
Chillicothe-weg, Kirtland, 4:B4
Cleveland, Ohio, 3:C4
Colesville, New York, 1:B3, 3:H3
Connecticut, 1:C3
Connecticut-rivier, 1:D1
Council Bluffs (Kanesville); Iowa, 5:C1, 6:E2
Cowdery-straat, Kirtland, 4:A3
Cumora-heuwel, Palmyra area, 2:C4

Delaware-rivier, 1:B4
DeWitt, Missouri, 5:E4
Drukkery, Kirtland, 4:B4

Erie-kanaal, New York, 2:A2, 3:F1
Erie-meer, 3:D3
Europa, 7:E1

Far West, Missouri, 5:D3, 6:E2
Farmington-woongebied, Palmyra area, 2:A4
Fayette, New York, 1:A3, 3:G2, 6:G1
Finger-mere, New York, 1:A3, 3:G2
Fishing-rivier, Missouri, 5:D3
Fort Bridger, 6:C2
Fort Hall, 6:B1
Fort Laramie, 6:C2
Fort Leavenworth, 5:D4, 6:E2
Fox-weg, Palmyra area, 2:A3
Freedom, New York, 3:F2
Gallatin, Missouri, 5:D3
Garden Grove, Iowa, 5:D1
Gila-rivier, 6:B4
Gilsum, New Hampshire, 1:D2
Grandin, E.B., Drukkery, Palmyra, 2:C2
Grand-rivier, Missouri, 5:D2
Great Salt Lake, 6:B2

Harmony, Pennsilvanië, 1:B3, 3:H3
Harris, Martin, Plaas, Palmyra area, 2:B1
Hathaway-stroom, Palmyra area, 2:B2, 2:D4
Hawn se Meule, 5:D3
Heilige Woud, Palmyra area, 2:B3
Hiram, Ohio, 3:D4
Hudson-rivier, New York, 1:C3
Huron-meer, 3:C1

Illinois, 5:H3, 6:F2
Independence, Missouri, 5:D4, 6:E2
Indiaanse Grondgebied, 5:B2, 6:D1, 6:D3
Indiana, 6:F2
Indiese Oseaan, 7:F3
Iowa, 5:E1, 6:E2

Jackson-distrik, Missouri, 5:D4
Johnson-herberg, Kirtland, 4:B2
Joseph-straat, Kirtland, 4:A4

Kalifornië, 6:A3
Kalifornië Roete, 6:B2
Kanada, 1:C1, 3:C3, 6:F1
Kirtland, Ohio, 3:C3, 6:F1
Kirtland-tempel, 4:B4
Knight, Joseph, Snr., Huis, Colesville-woongebied, New York, 3:H3
Koringmeul, Kirtland, 4:B2

Lebanon, New Hampshire, 1:D2
Leerlooiery, Kirtland, 4:B2
Liberty, Missouri, 5:D4, 6:E2
Ligging van Doopplekke, 4:B2
Los Angeles, 6:A3

Macedon-woongebied, Palmyra area, 2:A1
Maine, 1:D1
Manchester-woongebied, New York, 1:A3, 2:D3, 3:G2
Markell-weg, Kirtland, 4:A2
Massachusetts, 1:C3
McIlwaine se Draai, Missouri, 5:E4

Meksiko, 6:B3
Mendon, New York, 3:F2
Mission San Luis Rey, 6:B4
Mississippi-rivier, 5:G3
Missouri, 5:F3, 6:E3
Missouri-rivier, 5:C2, 5:F4
Montrose, Iowa, 5:F2
Morley, Isaac, Plaas, Kirtland, 4:D1

Nauvoo, Illinois, 5:F1, 6:E2
New Hampshire, 1:D2
New Jersey, 1:B4
New York, 1:B3, 3:E3, 6:G1
New York, 1:C4, 6:G1
Noord-Amerika, 7:B2
Noord-Atlantiese Oseaan, 7:C2
Noordelike Stille Oseaan, 7:A2, 7:H2
North Platte-rivier, 6:C1
Norwich, Vermont, 1:D2

Ohio, 3:B4, 6:F2
Ontario-distrik, New York, 2:A3, 2:D3
Ontario-meer, 1:A2, 3:F1
Orange, Ohio, 3:C4
Oregon-gebied, 6:A1

Palmyra-woongebied, New York, 1:A3, 2:D1, 3:G2
Palmyra-woongebied, New York, 2:C2
Pecos-rivier, 6:C4
Pennsilvanië, 1:A4, 3:F4, 6:G1
Perrysburg, New York, 3:E2
Philadelphia, Pennsilvanië, 1:B4, 6:G2
Pisgaberg, Iowa, 5:D1
Platte-rivier, 5:B1
Potasbrandery, Kirtland, 4:B3
Pueblo, 6:C3

Quincy, Illinois, 5:G2, 6:E2

Ramus, Illinois, 5:G2
Red Creek, Palmyra area, 2:D2
Rhode Island, 1:D3
Richmond, Missouri, 5:D4
Rigdon, Sidney, Huis, Kirtland, 4:B4
Rio Grande, 6:C4
Rochester, New York, 3:F1

Saagmeule, Kirtland, 4:B3
Sacramento, 6:A2
Salem, Massachusetts, 1:D3
Salt Lake City, 6:B2
San Bernadino, 6:B3
San Diego, 6:B4
San Francisco, 6:A2
Santa Fe, 6:C3
Sentraal Amerika, 7:B2
Sharon, Vermont, 1:C2
Shoal-spruit, Missouri, 5:D3
Skool, Kirtland, 4:B3
Smith, Alvin, Graf, Palmyra, 2:C2
Smith, Hyrum, Huis, Kirtland, 4:B4
Smith, Joseph, Jr., Algemene Handelaar, Kirtland, 4:B3
Smith, Joseph, Jr., Huis, 3:H3, 4:B3
Smith, Joseph, Sr, Raamhuis, Palmyra area, 2:B3
Smith, Joseph, Snr., Plaas, Palmyra area, 2:B3
Smith, Joseph, Snr., Houthuis, Palmyra area, 2:B3
Snake-rivier, 6:B1
South Bainbridge, New York, 1:B3, 3:H3
Springfield, Illinois, 5:H2
St. Louis, Missouri, 5:H4
Stafford-weg, Palmyra omgewing, 2:B4
Stille Oseaan, 6:A1, 7:B3
Stoney-stroom, Kirtland, 4:C3
Suid-Amerika, 7:C3
Suid-Atlantiese Oseaan, 7:D3
Suidelike Platte-rivier, 6:C2
Suidelike Stille Oseaan, 7:A3
Susquehanna-rivier, Pennsilvanië, 1:A4, 3:G3

Thompson, Ohio, 3:D3
Topsfield, Massachusetts, 1:D3
Toronto, Kanada, 3:E1
Tucson, 6:B4
Tunbridge, Vermont, 1:C2

Vermont, 1:C2

Washington, D.C., 6:G2
Wayne-distrik, New York, 2:A3, 2:D3
Whitingham, Vermont, 1:C3
Whitney, Newel K., Huis, Kirtland, 4:B2
Whitney, Newel K., Winkel, Kirtland, 4:B2
Whitney-straat, Kirtland, 4:A3
Winter Quarters, Indiaanse Grondgebied, 5:B1, 6:E2


# KERKGESKIEDENISFOTO'S

Hierdie foto's van belangrike plekke in die Kerkgeskiedenis toon die gebiede waar die vroeë Heiliges van die Laaste Dae gewandel het, waar moderne profete geleef en onderrig het, en waar baie skriftuurlike gebeure plaasgevind het.

## Oorsig

Onderstaande kaart toon die ligging van die foto's in hierdie gedeelte. Op die volgende bladsye word elke genommerde foto vergesel van 'n kort beskrywing van die toneel. Betekenisvolle skriftuurlike gebeure van daardie area word dan gelys saam met skriftuurverwysings sodat u kan weet waar om meer oor daardie gebeure te lees.

1. Heilige Woud
2. Cumora-heuwel en Palmyra-Manchester Area
3. Houthuis van Joseph Smith Snr.
4. Grandin-drukpers en Drukkery
5. Susquehanna-rivier
6. Standplaas van Peter Whitmer Snr. se Huis
7. Newel K. Whitney en Kie se Winkel
8. John Johnson-huis
9. Kirtland-tempel
10. Adam-ondi-Ahman
11. Far West-tempelterrein
12. Liberty-gevangenis
13. Mansion-huis in Nauvoo
14. Joseph Smith Jr. se Rooibaksteenwinkel
15. Nauvoo-tempel
16. Carthage-gevangenis
17. Eksodus na die Weste
18. Salt Lake-tempel



**1. Heilige Woud**



Die Heilige Woud is geleë in Palmyra en Manchester-woongebiede, New York. Hierdie woud is geleë net wes van waar die Smith-familie se klein houthuisie in 1820 geleë was.

*Betekenisvolle Gebeurlikheid:* Die verskyning van God die Vader en sy Seun, Jesus Christus, aan die Profeet Joseph Smith het in hierdie woud plaasgevind (JS—G 1:14–20).

## 2. Cumora-heuwel en Palmyra-Manchester Area



Hierdie foto toon die noordwaartse uitsig oor die Cumora-heuwel in Manchester, New York. Die heuwel verskyn onder in die regterkantste hoek van die foto en strek effens verder as halfpad na die toppunt. Die wit monument wat sigbaar is aan die noordekant van die heuwel vereer die engel Moroni en die voortkom van die Boek van Mormon. Die Cumora-heuwel is ongeveer 5 kilometer suid-oos van die Heilige Woud geleë. Naby die bopunt van die foto is die dorpie Palmyra, 6.5 kilometer weg. Die Smith-plaas en die Heilige Woud is aan die linker bo-kant van die foto geleë.

*Betekenisvolle Gebeure:* Die familie van die Profeet Joseph Smith het in hierdie area gewoon tydens die Eerste Visioen (JS—G 1:3). In 421 n.C. het Moroni 'n stel goue plate in die Cumora-heuwel versteek wat die heilige geskiedenis van sy volk bevat het (WvM 1:1–11; Morm. 6:6; Moro. 10:1–2). Dieselfde Moroni het vir Joseph Smith vertel waar om die plate op die heuwel te vind. Moroni het hulle aan hom oorhandig in 1827 (L&V 27:5; 128:20; JS—G 1:33–35, 51–54, 59).


**3. Houthuis van Joseph Smith Snr.**



Replika van die Joseph Smith Snr.-huis, gebou op die terrein van die oorspronklike houthuis naby Palmyra, New York. Die Smith familie het die oorspronklike 1½-verdieping van ruwe houtpale gebou kort na hulle aankoms in Palmyra. Die familie het hier gewoon van 1819 tot 1825.

*Betekenisvolle Gebeure:* Die Profeet Joseph Smith het die Bybel in hierdie huis bestudeer toe hy geworstel het met die vraag watter kerk reg is (JS—G 1:11–13). Moroni het aan Joseph verskyn en hom van die Boek van Mormon plate vertel (JS—G 1:30–47).

**4. Grandin-drukpers en Drukkery**



Die gerestoureerde drukkery van Egbert B. Grandin in Palmyra, New York, waar die eerste uitgawe van die Boek van Mormon in 1830 gepubliseer is. Martin Harris het sy plaas beswaar en 'n gedeelte daarvan verkoop om die koste van die druk van 5,000 kopieë te betaal. Setwerk het in Augustus 1829 begin, en voltooide kopieë was beskikbaar op 26 Maart 1830.

*Betekenisvolle Gebeurlikheid:* Martin Harris is gebied om vryelik van sy besittings te gee om die skuld vir die druk van die Boek van Mormon te betaal (L&V 19:26–35).


**5. Susquehanna-rivier**



Hierdie foto toon die Susquehanna-rivier in Harmony-woongebied, Pennsilvanië.

*Betekenisvolle Gebeure:* Joseph Smith Jr. het die eerste keer na Harmony gekom in 1825 om werk te soek. Hy en sy vader het hier naby geloseer in die huis van Isaac Hale, waar Joseph Emma Hale, sy toekomstige vrou, ontmoet het (JS—G 1:56–57). Joseph en Emma is op 18 Januarie 1827 getroud. Die Profeet het die goue plate op 22 September 1827 ontvang te Manchester, New York, en kort daarna het hy en Emma na Harmony verhuis waar hy begin het om die plate te vertaal. Gedurende die vertaling van die Boek van Mormon wou Joseph en Oliver Cowdery meer te wete kom aangaande die doop. Hulle het na ′n plek in die woud hier naby gestap om tot die Here te bid aangaande dié onderwerp. In antwoord op hierdie gebed het Johannes die Doper verskyn op 15 Mei 1829 (JS—G 1:66–74; L&V 13). Hy het die Aäroniese Priesterskap aan Joseph en Oliver toegeken. Hulle het toe na die rivier gegaan en mekaar gedoop vir die vergifnis van sondes. Joseph en Oliver is toe deur Johannes die Doper aangesê om mekaar tot die Aäroniese Priesterskap te ordineer. Kort daarna het Petrus, Jakobus en Johannes iewers tussen Harmony en Colesville verskyn en die Melgisédekse Priesterskap aan hulle toegeken (L&V 27:12–13; 128:20).

**6. Standplaas van Peter Whitmer Snr. se Huis**



Hierdie houthuis verteenwoordig die oorspronklike Peter Whitmer Snr. huis te Fayette, New York.

*Betekenisvolle Gebeure:* Joseph Smith het die vertaling van die Boek van Mormon hier voltooi in laat Junie 1829. In die woud naby hierdie huis het die Drie Getuies die engel Moroni en die goue plate gesien. Hulle getuienis verskyn nou in alle kopieë van die Boek van Mormon. Op 6 April 1830 het ongeveer 60 mense by die huis van Peter Whitmer bymekaargekom om getuies te wees van die formele organisasie van die Kerk van Jesus Christus (L&V 20). Die eerste vergaderings en konferensies van die jong Kerk is daar gehou. Twintig van die openbarings wat die Leer en Verbonde vervat is, is in die huis van Peter Whitmer ontvang.

**7. Newel K. Whitney en Kie se Winkel**




Die winkel van Newel K. Whitney het 'n belangrike rol in die geskiedenis van die Kerk in Kirtland gespeel. Joseph en Emma Smith het hier gewoon vir 'n kort rukkie. Verskeie betekenisvolle openbarings is hier ontvang. Die Skool van die Profete is in die winkel gehou van 24 Januarie 1833 tot iewers in April 1833.

*Betekenisvolle Gebeure:* Die Profeet Joseph Smith het die openbaring van die Woord van Wysheid ontvang (L&V 89). Hy het baie van die werk aan die Joseph Smith-vertaling van die Bybel (JSV) hier gedoen.

**8. John Johnson-huis**



Die huis van John en Alice Johnson was geleë in Hiram, Ohio. Hierdie kamer is op die tweede verdieping.

*Betekenisvolle Gebeure:* Die Profeet Joseph Smith en sy vrou, Emma, het in hierdie huis gewoon. Joseph en Sidney Rigdon het op 16 Februarie 1832 die wonderbaarlike visioen van die drie grade van heerlikheid ontvang in die teenwoordigheid van verskeie ander mense (L&V 76). Die Profeet Joseph Smith het ook aan die Joseph Smith-vertaling van die Bybel (JSV) in hierdie huis gewerk. Gedurende die nag van 24 Maart 1832, terwyl Joseph en Emma daar woonagtig was, het 'n bende afvalliges en anti-Mormone Joseph en Sidney erg geslaan en geteer en veer.


**9. Kirtland-tempel**



Die Kirtland-tempel is geleë in Kirtland, Ohio.

*Betekenisvolle Gebeure:* Die Kirtland-tempel was die eerste tempel wat in hierdie tydvak gebou is (L&V 88:119; 95). In hierdie tempel het Joseph Smith 'n visioen van die selestiale koninkryk gesien (L&V 137). Dit is op 27 Maart 1836 toegewy (L&V 109). Op 3 April 1836 het die Saligmaker verskyn en die tempel aanvaar as 'n plek waarin Hy sy Woord aan sy volk sou openbaar (L&V 110:1–10). Na hierdie verskyning het Joseph Smith en Oliver Cowdery besoeke van Moses, Elías, en Elía ontvang, wat almal sekere priesterskapsleutels en belangrike inligting gegee het (L&V 110:11–16). Hierdie tempel het die Heiliges vir sowat twee jaar gedien voor hulle uit Kirtland moes vlug vanweë vervolging.

## 10. Adam-ondi-Ahman



Suidwaartse uitsig oor die Adam-ondi-Ahman-vallei, ’n stil, pragtige vallei geleë in noordwes Missouri naby die Gallatin-gemeenskap.

*Betekenisvolle Gebeure:* Drie jaar voor hy dood is, het Adam sy regverdige nageslag na hierdie vallei laat kom en sy laaste seëning oor hulle uitgespreek (L&V 107:53–56). In 1838 was Adam-ondi-Ahman die ligging van ’n nedersetting van tussen 500 en 1,000 Heiliges van die Laaste Dae. Die Heiliges het hierdie nedersetting verlaat toe hulle van Missouri verban is. Voor Christus se Tweede Koms in heerlikheid, sal Adam en sy regverdige nageslag, wat Heiliges van alle tydvakke insluit, weer in hierdie vallei bymekaarkom om die Saligmaker te ontmoet (Dan. 7:9–10, 13–14; L&V 27; 107:53–57; 116).

**11. Far West-tempelterrein**



Die nedersetting in Far West, Missouri, het die tuiste vir 3,000 tot 5,000 Heiliges geword wat toevlug gesoek het van vervolging in die Jackson en Clay-distrikte. In 1838 het die Here die Heiliges gebied om 'n tempel hier te bou (sien L&V 115:7–8). Bende-vervolging het hulle verhoed om dit te doen. Op 31 Oktober van daardie jaar is die Profeet Joseph Smith en ander Kerkleiers gearresteer en, na 'n verhoor in Richmond, opgesluit in die Liberty-gevangenis. Gedurende die winter van 1838–1839 is die Heiliges van die Laaste Dae van Far West en ander plekke in Missouri verdryf en in Illinois hervestig.

*Betekenisvolle Gebeure:* 'n Tempelperseel is toegewy en die hoekstene is gelê. Verskeie openbarings wat in die Leer en Verbonde gepubliseer is, is ontvang (afdelings 113–115; 117–120). Joseph F. Smith, die sesde President van die Kerk, is op 13 November 1838 te Far West gebore. Far West het tydelik as die hoofkwartier van die Kerk onder die Profeet Joseph Smith gedien.


**12. Liberty-gevangenis**



Die gevangenis in Liberty, Missouri, ongeveer 1878. Joseph Smith en vyf ander broers is onregverdiglik gevange gehou binne die 1,2 meter dik mure vanaf 1 Desember 1838 tot 6 April 1839. (Sidney Rigdon is vrygelaat aan die einde van Februarie.) Beperk tot die laer vlak of kerkergedeelte van die gebou, het hulle op die koue klip, bedek met strooi, geslaap met min lig en skrale beskerming teen die koue winter.

*Betekenisvolle Gebeure:* Die Profeet Joseph wat gepleit het vir die duisende Heiliges van die Laaste Dae wat uit Missouri verdryf is, het 'n antwoord op sy gebed ontvang wat hy in 'n brief aan die verbande Heiliges neergepen het (L&V 121–123).

**13. Mansion-huis in Nauvoo**



Joseph Smith Jr. en sy gesin het in die Mansion-huis in Nauvoo ingetrek in Augustus 1843. Later is 'n vleuel aan die oostekant van die hoofstruktuur bygevoeg vir 'n totaal van 22 kamers. Beginnende in Januarie 1844 het Ebenezer Robinson die huis as 'n hotel bestuur en die Profeet het ses kamers gebruik vir sy gesin. Die huis het gedien as 'n sosiale sentrum in die Nauvoo-gemeenskap. Belangrike hoogwaardigheidsbekleërs is hier deur die Profeet ontvang.

*Betekenisvolle Gebeure:* Op 27 Junie 1844 is die Profeet Joseph en sy Broer Hyrum geskiet en gedood in Carthage, Illinois, en hul liggame is na hierdie huis gebring om in staatsie te lê voor die begrafnis. Hulle is in 'n klein familiebegraafplaas begrawe net oorkant Main-straat, wes van die ou houthuis waarin Joseph gewoon het toe hy die eerste keer na Nauvoo gekom het. Emma Smith het in die Mansion-huis gewoon tot 1871. Toe het sy verhuis na die Nauvoo-huis waar sy in 1879 oorlede is.

**14. Joseph Smith Jr. se Rooibaksteenwinkel**



Hierdie rekonstruksie van Joseph Smith Jr. se winkel en die kantoor is geleë in Nauvoo, Illinois. Dit was een van die belangrikste geboue in die Kerk gedurende die Nauvoo-tydperk. Nie net het dit as algemene handelaar gedien nie, maar dit het ook die middelpunt van sosiale, ekonomiese, politiese en godsdienstige aktiwiteite gevorm. Joseph Smith het 'n kantoor op die tweede vloer gehad.

*Betekenisvolle Gebeure:* Voor die tempel voltooi is, was die bo-kamer van die winkel gebruik as 'n ordinansiekamer waar die eerste volle begiftigings gegee is. Op 17 Maart 1842 het die profeet Joseph Smith die vroue van die Kerk in die Verligtingsvereniging georganiseer.

**15. Nauvoo-tempel**



Die oorspronklike Nauvoo-tempel is van grys-wit kalksteen gebou. Die gebou was 39 meter lank en 27 meter breed. Die top van die toring was 48 meter bó grondvlak. Kerklede het groot opofferings gemaak om hierdie pragtige tempel te bou en die werk het in 1841 begin. Sommige het vir maande aan die gebou gearbei; andere het hulle geld opgeoffer. Alhoewel nie ten volle voltooid nie, was die tempel vol lede wat gekom het vir ordinansies gedurende hulle vlug na die Weste. Terwyl baie van die Heiliges Nauvoo verlaat het in die vroeë lente van 1846 onder gevaar van bende-geweld, het 'n spesiale span agtergebly om die tempel te voltooi. Op 30 April 1846 het Ouderlinge Orson Hyde en Wilford Woodruff van die Kworum van die Twaalf en ongeveer 20 ander hierdie huis van die Here toegewy. In September is daar van die tempel afstand gedoen toe die oorblywende Kerklede uit Nauvoo verdryf is; bendemagte het toe die heilige gebou ontheilig. Die binnekant is in Oktober 1848 deur vuur verwoes. Die herboude tempel (hier getoon), 'n getroue weergawe van die oorspronklike, is op 27–30 Junie 2002 deur President Gordon B. Hinckley toegewy.

*Betekenisvolle Gebeure:* Algemene Konferensie is gehou in die vergaderkamer van die tempel op 5 Oktober 1845. Begiftigingswerk het op 10 Desember 1845 begin en het voortgeduur tot 7 Februarie 1846. Meer as 5,500 Heiliges van die Laaste Dae het hulle begiftiging ontvang en baie dope vir die dode en verseëlings is uitgevoer.


**16. Carthage-gevangenis**



Die gevangenis in die dorp Carthage, Illinois.

*Betekenisvolle Gebeure:* Joseph Smith en sy broer Hyrum het na Carthage gery op 24 Junie 1844. Hulle is in hierdie gevangenis gewerp op 25 Junie op valse aanklagte van hoogverraad. Op 27 Junie het 'n bende met swartgemaakte gesigte die gevangenis bestorm. Beide Joseph en Hyrum is doodgeskiet en John Taylor is verskeie kere gewond. Verbasingwekkend is Willard Richards nie beseer nie.

**17. Eksodus na die Weste**



Die begin van die ontruiming van Nauvoo, Illinois, is beplan vir Maart–April, maar vanweë dreigemente deur 'n bende het President Brigham Young beveel dat die uittog van die Heiliges oor die Mississippi-rivier begin op 4 Februarie 1846. President Young het agtergebly om begiftigings te bedien aan die Heiliges en het nie Nauvoo verlaat voor die middel van Februarie nie.

*Betekenisvolle Gebeure:* Voor sy dood het die Profeet Joseph Smith geprofeteer: "Sommige van julle sal lewe en behulpsaam wees om nedersettings te vestig en stede te bou en om te sien dat die Heiliges 'n magtige volk word te midde van die Rocky-gebergte." Byna 12,000 Heiliges het vertrek van Nauvoo vanaf Februarie tot September 1846. Nadat die Heiliges vertrek het na Winter Quarters en latere nedersettings, is hulle georganiseer in groepe van tien, vyftig en honderd, onder 'n groepkaptein (L&V 136:3). In September 1846 het 'n bende van ongeveer 800 manne, toegerus met ses kanonne, Nauvoo beleër. Na verskeie dae van gevegte is die oorblywende Heiliges gedwing om oor te gee om hulle lewens te red. Vyf- tot seshonderd mans, vroue en kinders het die rivier oorgesteek en op die rivieroewer kamp opgeslaan. President Brigham Young het reddingspanne met voorrade gestuur om hierdie "arme Heiliges" te ontruim.

**18. Salt Lake-tempel**



Die Salt Lake-tempel, gesien vanaf die noordooste. 'n Paar dae nadat die eerste pioniergeselskap van Heiliges van die Laaste Dae die Salt Lake-vallei binnegegaan het, het President Brigham Young die grond met sy wandelstaf geslaan en verklaar: "Hier sal ons die tempel van ons God bou." Grond is op 14 Februarie 1853 gebreek. Op 6 April 1853 is die hoekstene gelê. Die tempel is 40 jaar later voltooi en toegewy op 6 April 1893. Die Eerste Presidensie en die Kworum van die Twaalf Apostels kom elke week hier bymekaar om te beraadslaag en die leiding van die Here te wete te kom vir die bediening en uitbou van die koninkryk van God.

*Betekenisvolle Gebeure:* Die Here het aan die Presidente van die Kerk en ander Algemene Gesagsdraers hier 'n uitstorting van die gees van openbaring gegee, insluitende Amptelike Verklaring 2. Meer onlangs het die Eerste Presidensie en die Raad van die Twaalf Apostels "The Family: A Proclamation to the World" (Die Familie: 'n Proklamasie aan die Wêreld) eenparig goedgekeur en gepubliseer. Tempelordinansies wat vir die lewendes en die dode uitgevoer word, het die lewens van miljoene geseën.